

Die Pad van Waarheid tot die Lewe

Yog 14:6 Yeshua antwoord hom: “Ek is onveranderlik dieselfde,
die Pad, die Waarheid en die Lewe;
niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie.

Die volledige Boodskap van יהוה

’n Afrikaanse vertaling van die volledige Skrif.
Die Tanakh (Torah, Profete en Vroeëre Geskrifte) is vanuit die oudste beskikbare Hebreeuse en Aramese (Peshitta Tanakh), met verwysings na die Griekse (LXX), tekste vertaal en die Nuwe Verbond (Latere Geskrifte en Briewe) is vanuit die Antieke Oosterse Aramese Kodekse, (Khabouris, Die Mingana 148 Kodeks en andere) in ooreenstemming met die Westerse Aramese Peshitta tekste, vertaal.

Kopiereg op die inhoud behoort aan
die Lewende, Skepper-God, יהוה, alleen.
U is welkom om dit onveranderd te gebruik in
enige leer of skrywe, met erkenning:
“PWL” “PadWLewe” of “Die Pad van Waarheid tot die Lewe”
vertaling.
Geen deel hiervan mag onder enige omstandighede, in enige formaat,
verkoop word nie.
Sy Boodskap is gratis.

©Kopiereg 2025 deur PadWLewe op die Afrikaanse vertaling.
info@padwlewe.org.za

Derde druk - 2025

ISBN: 978-0-620-74934-3

Gedruk deur: NPE Print Communications Pte Ltd Singapore

Inhoudsopgawe - Tanakh

Naam	Bladsy
1. Voorwoord	v
2. Een jaar leesprogram	vi
3. Afkortings van Boeke vir verwysings	viii
4. Genesis (B'resheet)	3
5. Eksodus (Sh'mot)	79
6. Levitikus (Vayikra)	142
7. Numeri (B'midbar)	188
8. Deuteronomium (D'varim)	253
9. Josua (Y'hoshua)	309
10. Rigters (Shof'tim)	346
11. 1 Samuel (Sh'mu'el Alef)	383
12. 2 Samuel (Sh'mu'el Bet)	432
13. 1 Konings (M'lakhim Alef)	474
14. 2 Konings (M'lakhim Bet)	521
15. Jesaja (Yesha'yahu)	566
16. Jeremia (Yirmeyahu)	638
17. Esegïël (Yegezk'el)	720
18. Hosea (Hoshea)	793
19. Joël (Yo'el)	805
20. Amos ('Amos)	810
21. Obadja ('Ovadyah)	819
22. Jona (Yonah)	822
23. Miga (Mikhah)	826
24. Nahum (Nagum)	833
25. Habakuk (Havakkuk)	837
26. Sefanja (Tz'fanyah)	841
27. Haggai (Hagai)	845
28. Sagaria (Z'kharyah)	849
29. Maleagi (Mal'akhi)	862
30. Psalms (Tehillim)	869
31. Spreuke (Mishlei)	969
32. Job (Iyov)	1006
33. Lied van Liedere (Hooglied) - Shir-Hashirim	1046
34. Rut	1053
35. Klaagliedere (Eikhah)	1059
36. Prediker (Kohelet)	1067
37. Ester	1080
38. Daniël (Dani'el)	1092
39. Esra ('Ezra)	1116
40. Nehemia (Negemyah)	1133
41. 1 Kronieke (Divrei-HaYamim Alef)	1156
42. 2 Kronieke (Divrei-HaYamim Bet)	1201

Inhoudsopgawe - Nuwe Verbond

	Naam	Bladsy
1.	Mattityahu (Mattheüs)	1256
2.	Markos (Markus)	1308
3.	Luka (Lukas)	1341
4.	Yoganan (Johannes)	1396
5.	Saorana/Praksis d'Shlikha (Handelinge)	1438
6.	Ya'akov (Jakobus)	1490
7.	1 Kefa (Petrus)	1496
8.	2 Kefa (Petrus)	1503
9.	1 Yoganan (Johannes)	1508
10.	2 Yoganan (Johannes)	1515
11.	3 Yoganan (Johannes)	1517
12.	Y'hudah (Judas)	1519
13.	Romaya (Romeine)	1522
14.	1 Kurintaya (1 Korinthiërs)	1545
15.	2 Kurintaya (2 Korinthiërs)	1566
16.	Galataya (Galasiërs)	1580
17.	Afsaya (Efesiërs)	1588
18.	Filipsaya (Filippense)	1597
19.	Kulsaya (Kolossense)	1603
20.	1 Teslunikaya (1 Thessalonisense)	1609
21.	2 Teslunikaya (2 Thessalonisense)	1615
22.	1 Timoteos (1 Timotheüs)	1619
23.	2 Timoteos (2 Timotheüs)	1626
24.	Titus (Titus)	1631
25.	Filimun (Filémon)	1635
26.	Ivraya (Hebreërs)	1637
27.	Gilyana (Openbaring)	1654
28.	Vertalingsinligting, opmerkings en verklarings ...	1679

Rom 15:21
Hulle aan wie Hy nie verkondig is nie, sal Hom sien en
hulle wat nie gehoor het nie, sal oortuig wees.

Ps 130:5
Ek vertrou in יהוה; my lewe wag vir Sy boodskap.

Voorwoord tot die Derde druk

Hierdie vertaling is die vrug van ons soeke na die ware oorspronklike Woord van God. Wat is Sy Skeppingsdoel en Lewensstandaard vir die mens? Slegs vanuit die oorspronklike handleiding kan ons weet wat Vader se volmaakte wil is.

Ons het net een doel en motief: om die volle openbaring van die lewende God, יְהוָה, op 'n duidelike en verstaanbare manier in Afrikaans deur te gee vanuit die mees oorspronklike tekste beskikbaar. **Die veranderinge in hierdie, die derde druk, is omdat ons die vertaling gestandaardiseer het vanuit die Oosters-Aramese kopieë wat die oudste en mees betroubare is: Die Khabouris kodeks, die Mingana 148 kodeks en ander Oosters-Aramese geskrifte.**

Die vertaling is vir hulle wat die volheid van die waarheid soek. Soms is tradisionele woorde en begrippe ingeboet vir die mees akkurate en betekenisvolle vertaling.

Oor die vertaling van die Tanakh (verkeerdelik 'Ou Testament' genoem), hoef ons nie baie te sê nie, alhoewel ons, in plaas van Hebreeus, 'n groter deel, as wat algemeen gedoen word, vanuit Aramees geneem het. Ek glo dat die taal wat gebruik is tydens die ballingskap eerder Aramees was. Die vertaling van die Nuwe Verbond is uitsluitlik vanuit die Aramees, wat vanaf 700 jaar voor Yeshua tot lank na die sesde eeu na Yeshua die algemene taal in die Midde-Ooste was. Die bewyse vir die Aramese oorspronklike skrywes is beskikbaar. Ek twyfel nie daaraan dat die Nuwe Verbond deur Hebreërs, wie se taal een van die Aramese dialekte was, in hulle eie taal, Aramees, geskryf is nie; hoofsaaklik aan Arameessprekende Hebreërs, in die land van Yisra'el, sowel as op ander plekke waarheen hulle gevlug en gemeentes begin het. Hierdie is nie die plek vir bewysplasinge nie, maar dit is beskikbaar op aanvraag. Dit is geskryf deur mense wat in en vanuit die Semitiese kultuur en taal geleef en geskryf het. Elke begrip en woord is dus vanuit die Hebreeuse / Aramese denkpatoon, eerder as die Griekse, geneem en die betekenis daarvolgens gegee.

Ek het verkies om al die oorspronklike name (meestal vanuit Hebreeus) te gebruik vir die behoud van die betekenis en het een betekenis van elkeen, vir u studie, in 'n boekie, wat afsonderlik beskikbaar is, saamgestel. Dit is 'n studie wat, op sy eie, openbarings-waarhede bevat. Daar is 'n onveranderbare profetiese boodskap in die name.

In die 'Opmerkings' bedank en lys ek die bronne wat 'n deel uitmaak van my studie oor die korrekte vertalings. Ek is oortuig en getuig daarvan dat die opdrag wat ek ontvang het, uitgevoer is; naamlik om vers vir vers en woord vir woord dit wat God vir ons wil sê, in Afrikaans weer te gee, as Sy Boodskap en Verbond. Ek glo dat die openbaring van elke woord se dieper betekenis gaan lei tot 'n dieper openbaring van die Karakter van die Enigste, Ware, Lewende, Skepper-God en van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid waarmee Hy ons wil seën. Ons neem ten volle verantwoordelikheid vir die menslike foute en hoop om spoedig almal op te spoor en uit te skakel.

Aan יְהוָה, wat altyd dieselfde Is, kom al die lof, eer en aanbidding toe. Hierdie is Sy Boodskap en Sy plan met die mens. Nie een van ons het die reg tot enige roem daarin nie, maar ek wil vir die beste metgesel, my vrou, Hanlie, wat elke dag saam met my gestry het deur toetsing, hertoetsing en nog toetsing van die werk, dankie sê. Dankie ook aan elkeen van Vader se kinders wat gehelp proeflees het en vir julle voortdurende insprake wat in hierdie derde uitgawe weerspieël word.

Gerrie C Coetzee

Skrif Leesprogram: Aviv tot Aviv:

Jy lees nie omdat jy moet nie, maar spandeer tyd met die Vader om te leer sodat jy ander kan leer en nie net wag vir ander se inset in jou lewe nie. Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor jou hele huis om te groei. Jy kan nie groei sonder effektiewe tyd met Vader nie. Skryf die beloftes, die opdragte en die treffende dele vir jouself in 'n boek om enige tyd weer na toe terug te gaan. Skryf Sy instruksies uit die Tanakh neer met die Nuwe Verbond se verheldering daaroor.

Skryf jou vrae neer en bespreek dit met ander om so gou moontlik antwoorde te kry. Spandeer tyd om met Vader te gesels oor Sy Woord. Hierdie is 'n minimum en jy kan verder en deur die kruisverwysings 'n wonderlike studie maak van Vader se Karakter tydens elke week.

Kopkennis is van min waarde. Laat die Woord van God lewenskennis wees sodat jy kan Sh'ma:

Hoor; Luister; Doen.

Week 1	Gen 1-5	Y'ho 1-8	Ps 1-15	Mat 1-4	Ya'akov
Week 2	Gen 6-10	Y'ho 9-16	Ps 16-26	Mat 5-6	1 Kefa 1-2
Week 3	Gen 11-16	Y'ho 17-24	Ps 27-36	Mat 7-9	1 Kefa 3-5
Week 4	Gen 17-20	Rig 1-6	Ps 37-47	Mat 10-12	2 Kefa
Week 5	Gen 21-24	Rig 7-12	Ps 48-58	Mat 13-14	1 Yoganan
Week 6	Gen 25-27	Rig 13-21	Ps 59-69	Mat 15-17	2 en 3 Yog
Week 7	Gen 28-30	1 Sh'm 1-3	Ps 70-78	Mat 18-20	Y'hudah
Week 8	Gen 31-33	1 Sh'm 4-10	Ps 79-89	Mat 21-22	Rom 1-2
Week 9	Gen 34-37	1 Sh'm 11-17	Ps 90-102	Mat 23-24	Rom 3-5
Week 10	Gen 38-41	1 Sh'm 18-23	Ps 103-107	Mat 25-26	Rom 6-8
Week 11	Gen 42-45	1 Sh'm 24-31	Ps 108-118	Mat 27-28	Rom 9-10
Week 12	Gen 46-50	2 Sh'm 1-5	Ps 119-128	Mar 1-3	Rom 11-13
Week 13	Eks 1-3	2 Sh'm 6-13	Ps 129-150	Mar 4-5	Rom 14-16
Week 14	Eks 4-7	2 Sh'm 14-18	Spr 1-4	Mar 6-7	1 Kor 1-3
Week 15	Eks 8-11	2 Sh'm 19-24	Spr 5-11	Mar 8-9	1 Kor 4-6
Week 16	Eks 12-14	1 Kon 1-5	Spr 12-16	Mar 10-11	1 Kor 7-9
Week 17	Eks 15-18	1 Kon 6-10	Spr 17-23	Mar 12-13	1 Kor 10-11
Week 18	Eks 19-23	1 Kon 11-16	Spr 24-31	Mar 14	1 Kor 12-14
Week 19	Eks 24-27	1 Kon 17-22	Iyov 1-7	Mar 15-16	1 Kor 15-16

Week 20	Eks 28-31	2 Kon 1-5	Iyov 8-17	Luk 1-2	2 Kor 1-3
Week 21	Eks 32-36	2 Kon 6-11	Iyov 18-25	Luk 3-4	2 Kor 4- 6
Week 22	Eks 37-40	2 Kon 12-18	Iyov 26-33	Luk 5-6	2 Kor 7-9
Week 23	Lev 1-2	2 Kon 19-25	Iyov 34-42	Luk 7-8	2 Kor 10-13
Week 24	Lev 3-7	Yes 1-7	Lied v Liedere	Luk 9-10	Gal 1-3
Week 25	Lev 8-10	Yes 8-18	Rut	Luk 11-12	Gal 4-6
Week 26	Lev 11-13	Yes 19-29	Klaagliedere	Luk 13-15	Efe 1-2
Week 27	Lev 14-16	Yes 30-39	Prediker	Luk 16-18	Efe 3-4
Week 28	Lev 17-20	Yes 40-47	Ester	Luk 19-20	Efe 5-6
Week 29	Lev 21-24	Yes 48-57	Dan 1-2	Luk 21-22	Filippense
Week 30	Lev 25-27	Yes 58-66	Dan 3-5	Luk 23-24	Kolossense
Week 31	Num 1-2	Yir 1-7	Dan 6-9	Yog 1-3	1 Thes 1-3
Week 32	Num 3-4	Yir 8-15	Dan 10-12	Yog 4-5	1 Thes 4-5
Week 33	Num 5-7	Yir 16-24	Ezra 1-6	Yog 6-7	2 Thessalonisense
Week 34	Num 8-11	Yir 25-31	Ezra 7-10	Yog 8-9	1 Timotheos
Week 35	Num 12–14	Yir 32-37	Neg 1-5	Yog 10-11	2 Timotheos
Week 36	Num 15–18	Yir 38-46	Neg 6-9	Yog 12-13	Titos
Week 37	Num 19–22	Yir 47-52	Neg 10-13	Yog 14-16	Filémon
Week 38	Num 23–25	Yeg 1-8	1 Kron 1-5	Yog 17-18	Heb 1-3
Week 39	Num 26-29	Yeg 9-16	1 Kron 6-9	Yog 19-21	Heb 4-6
Week 40	Num 30–32	Yeg 17-22	1 Kron 10-14	Hand 1-3	Heb 7-10
Week 41	Num 33–36	Yeg 23-29	1 Kron 15-19	Hand 4-5	Heb 11-13
Week 42	Deut 1–3	Yeg 30-36	1 Kron 20-25	Hand 6-8	Open 1-3
Week 43	Deut 4–6	Yeg 37-43	1 Kron 26-29	Hand 9-10	Open 4-5
Week 44	Deut 7–10	Yeg 44-48	2 Kron 1-6	Hand 11-13	Open 6-8
Week 45	Deut 11–15	Hoshea	2 Kron 7-11	Hand 14-15	Open 9-10
Week 46	Deut 16–20	Yo'el - `Amos - Ova	2 Kron 12-17	Hand 16-17	Open 11-13
Week 47	Deut 21–25	Yon - Mik- Nag	2 Kron 18-22	Hand 18-19	Open 14-15
Week 48	Deut 26–28	Hav - Tz'f - Hag	2 Kron 23-27	Hand 20-22	Open 16-18
Week 49	Deut 29–31	Z'kharyah	2 Kron 28-31	Hand 23-25	Open 19-20
Week 50	Deut 32–34	Mal'akhi	2 Kron 32-36	Hand 26-28	Open 21-22

Name van die Bybelboeke en afkortings vir teksverwysings

Die Wet:		Die Nuwe Verbond Geskrifte:	
Genesis (B'resheet)	- Gen	Mattityahu (Mattheüs)	- Mat
Eksodus (Sh'mot)	- Eks	Markos (Markus)	- Mar
Levitikus (Vayikra)	- Lev	Luka (Lukas)	- Luk
Numeri (B'midbar)	- Num	Yoganan (Johannes)	- Yog
Deuteronomium (D'varim)	- Deu(t)	Saorana/Praksis (Handelinge)	- Han(d)
Die Profete:		Algemene briewe:	
Y'hoshua (Josua)	- Y'ho	Ya'akov (Jakobus)	- Ya'a
Rigters (Shof'tim)	- Rig	Kefa (Petrus)	- 1 Kef
Sh'mu'el (Samuel)	- 1 Sh'm		- 2 Kef
	- 2 Sh'm	Yoganan (Johannes)	- 1 Yog
Konings (M'lakhim)	- 1 Kon		- 2 Yog
	- 2 Kon		- 3 Yog
Yesha'yahu (Jesaja)	- Yes	Y'hudah (Judas)	- Y'hu
Yirmeyahu (Jeremia)	- Yir	Ivraya (Hebreërs)	- Heb
Yegezk'el (Esegiël)	- Yeg		
Hoshea (Hosea)	- Hos		
Yo'el (Joël)	- Yo'		
`Amos (Amos)	- `Am		
`Ovadyah (Obadja)	- `Ov		
Yonah (Jona)	- Yon		
Mikhah (Miga)	- Mik		
Nagum (Nahum)	- Nag		
Havakkuk (Habakuk)	- Hav		
Tz'fanyah (Sefanja)	- Tz'f		
Hagai (Haggai)	- Hag		
Z'kharyah (Sagaria)	- Z'kh		
Mal'akhi (Maleagi)	- Mal		
Die Geskrifte:		Die Briewe:	
Psalms (Tehillim)	- Ps	Romaya (Romeine)	- Rom
Spreuke (Mishlei)	- Spr	Kurintaya (Korinthiërs)	- 1 Kor
Iyov (Job)	- Iyo		- 2 Kor
Lied van Liedere (Hooglied)	- LvL	Galataya (Galasiërs)	- Gal
Rut	- Rut	Afsaya (Efesiërs)	- Efe
Klaagliedere (Eikhah)	- Kla	Filipsaya (Filippense)	- Fil
Prediker (Kohélet)	- Pre	Kulsaya (Kolossense)	- Kol
Ester	- Est	Teslunikaya (Thessalonisense)	- 1 Thes
Dani'el (Daniël)	- Dan		- 2 Thes
`Ezra (Esra)	- `Ez	Timoteos (Timotheus)	- 1 Tim
Negemyah (Nehemia)	- Neg		- 2 Tim
Kronieke (Divrei-HaYamim)	- 1 Kro	Titus (Titus)	- Tit
	- 2 Kro	Filimun (Filémon)	- File
		Gilyana (Openbaring)	- Ope(n)

Die Pad van Waarheid tot die Lewe

Die Instruksies (Torah)

תּוֹרָה

'n Afrikaanse vertaling vanaf die Hebreeuse en Aramese Tanakh met
verwysing na die Griekse Septuagint (LXX).

Die derde druk

Die eerste boek van die Verbond (Tanakh)

Die eerste boek van die Instruksies (Torah)

Genesis

(בראשית - B'resheet - In 'n begin)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

- 1 In 'n begin het God die hemele en die aarde geskep. ^{Yes 48:13}
- 2 Die aarde was vormloos en leeg en duisternis was oor die diep watermassa en die Gees van God het oor die oppervlak van die water gehang.
- 3 God het gesê: "Laat daar lig wees!" en daar was lig.
- 4 God het gesien dat die lig goed was en God het die lig van die duisternis geskei.
- 5 God het die lig 'Dag' genoem en die duisternis het Hy 'Nag' genoem. Dit was aand en dit was oggend, die eerste dag.
- 6 God het gesê: "Laat daar 'n ruimte wees tussen die waters en laat dit 'n skeiding maak tussen water en water."
- 7 God het die ruimte gemaak en die water wat onder die ruimte is, geskei van die water wat bo die ruimte is en dit was presies so.
- 8 God het die ruimte hemel genoem. Dit was aand en dit was oggend, die tweede dag.
- 9 God het gesê: "Laat die water onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word" en dit was presies so.
- 10 God het die droë grond 'Aarde' genoem en die versameling van die waters het Hy 'See' genoem en God het gesien dat dit goed was.
- 11 God het gesê: "Laat die aarde groen weiding, plante wat saad gee en bome, wat volgens hulle soorte saaddraende vrugte dra, voortbring oor die aarde" en dit was presies so.
- 12 Die aarde het groen weiding, plante wat saad gee, volgens hulle soorte en bome wat saaddraende vrugte dra, volgens hulle soorte voortgebring. God het gesien dat dit goed was.
- 13 Dit was aand en dit was oggend, die derde dag.
- 14 God het gesê: "Laat die ligte in die ruimte van die hemele wees om te onderskei tussen die dag en die nag en laat hulle wees vir tekens en seisoene, vir dae en jare.
- 15 Laat hulle ook wees as ligte in die ruimte van die hemele om lig te gee op die aarde." Dit was presies so.
- 16 God het die twee groot ligte gemaak: die groter lig om te heers oor die dag en die kleiner lig om te heers oor die nag; asook die sterre.
- 17 God het hulle in die ruimte van die hemele gesit om lig te gee op die aarde,
- 18 om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. God het gesien dat dit goed was.
- 19 Dit was aand en dit was oggend, die vierde dag.
- 20 God het gesê: "Laat die waters met 'n oorvloed van lewende wesens wemel en laat die voëls oor die aarde vlieg in die ruimte van die hemel."
- 21 God het die groot seemonsters geskep ^{Iyov 40:15; 41:1} en al die lewende wesens wat beweeg, waarvan die waters wemel, volgens hulle spesies en al die voëls met vlerke, volgens hulle spesies. God het gesien dat dit goed was.
- 22 God het hulle geseën en gesê: "Wees vrugbaar, vermeerder, vul die waters van die see en laat die voëls op die aarde vermeerder."
- 23 Dit was aand en dit was oggend, die vyfde dag.

- 24 God het gesê: “Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle spesies: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle spesies.” Dit was presies so.
- 25 God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle spesies en die vee volgens hulle spesies en al die diere wat op die grond beweeg, volgens hulle spesies. God het gesien dat dít goed was.
- 26 God het gesê: “Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg.” Ya'a 3:9; Efe 2:6-10; Open 5:10
- 27 God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep. Mat 19:4; Mar 10:6; 2 Kor 3:18; Kol 3:10
- 28 God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde beweeg.” Efe 2:6-10; Open 5:10; Open 20:6
- 29 God het ook gesê: “Ek gee nou aan julle al die saaddraende plante, wat op die hele aarde is en al die bome met saaddraende vrugte. Dit sal julle kos wees.
- 30 Aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende asem is, gee Ek al die groen plante as voedsel.” Dit was presies so.
- 31 God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag.

2 1 So is die hemel en die aarde en al hulle hordes voltooi.

- 2 Op die sesde dag is God se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het Heb 4:4
- 3 en God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het op 'n God-eie manier.
- 4 Hierdie is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Op die dag toe יהוה-God die aarde en die hemel gemaak het,
- 5 was daar nog geen struik in die veld op die aarde nie en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie, want יהוה-God het dit nog nie laat reën op die aarde nie en daar was geen mens om die grond te bewerk nie.
- 6 'n Wolk het egter opgestyg vanuit die aarde en die hele aardbodem bevogtig.
- 7 יהוה-God het die mens gevorm uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas sodat die mens 'n lewende gees, liggaam, wil en verstand geword het. 1 Kor 15:45
- 8 יהוה-God het ook 'n tuin geplant in die ooste, in 'Eden en die mens wat Hy gevorm het, daar geplaas.
- 9 יהוה-God, het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, 'n vreugde om te sien en goed om te eet; ook die 'Boom-van-die-Lewe' Open 22:14 in die middel van die tuin en die 'Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid.'
- 10 Daar het 'n rivier uit 'Eden uitgegaan om die tuin nat te maak en van daar is dit verdeel en het vier strome geword.

- 11 Die naam van die eerste is die Pishon. Dit is hy wat om die hele land Gavilah loop, waar die goud is;
- 12 die goud van dié land is goed. Daar is ook balsemgom en onikssteen.
- 13 Die naam van die tweede rivier is die Gihon. Dit is hy wat om die hele land Kush loop.
- 14 Die naam van die derde rivier is die Giddekel. Dit is hy wat oos van Ashur loop. Die vierde rivier is die Ferat (Eufraat).
- 15 Toe het יהוה-God, die mens gevat en hom in die tuin van 'Eden gesit om dit om te spit en te beskerm. ^{Gen 3:23}
- 16 יהוה-God het die mens beveel en gesê: “Van al die bome van die tuin mag jy as kos eet,
- 17 maar van die ‘Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid’, daarvan mag jy nie eet nie, want op die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterf.”
- 18 יהוה-God het ook gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n helper maak wat by hom pas.”
- 19 Vanuit die grond het יהוה-God al die diere van die veld en al die voëls van die hemel gevorm en hulle na die mens toe gebring om te sien hoe hy hulle sou noem en wat ook al die mens al die lewende wesens genoem het, dit moes sy naam wees.
- 20 So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het Hy geen hulp gevind wat hom sou aanvul nie.
- 21 יהוה-God het 'n diep slaap oor die mens laat val en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene gevat en die plek daarvan met vlees toegemaak
- 22 en יהוה-God het die rib wat Hy vanaf die mens gevat het, gebou tot 'n vrou en haar na die mens gebring.
- 23 Die mens het gesê: “Eindelik is dit nou been van my been en vlees van my vlees. Sy sal vrou (ishah) genoem word, want sy is vanuit die man (ish) geneem;”
- 24 daarom, soos die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou vashou, sal hulle een vlees wees. ^{Mat 19:5; Mar 10:8; Efe 5:31}
- 25 Hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam daaroor nie.
- 3** 1 Nou, die slang was listiger as al die lewende wesens van die veld wat יהוה-God gemaak het en hy sê vir die vrou: “Het God werklik gesê dat julle nie van al die bome van die tuin mag eet nie?”
- 2 Die vrou antwoord die slang: “Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,
- 3 maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: ‘Julle mag daarvan nie eet of dit aanraak nie, anders sal julle sterf’.”
- 4 Die slang sê vir die vrou: “Julle sal die dood nie sterf nie,
- 5 maar God weet dat die dag as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan en julle soos God sal wees deur goedheid en boosheid te ken.”

- 6 Toe die vrou sien dat die boom goed was om van te eet en dit 'n vreugde was vir die oë en 'n begeerlike boom om jou wys te maak, het sy van die vrugte gevat en geëet en ook aan haar man by haar gegee en hy het geëet.
- 7 Toe gaan altwee van hulle se oë oop en hulle besef dat hulle kaal is. Hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle lendebedekkings gemaak.
- 8 Hulle het die stem van יהוה-God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die koel van die dag en die mens en sy vrou het hulself vir die Teenwoordigheid van יהוה-God weggesteek tussen die bome van die tuin.
- 9 יהוה-God het geroep na die mens en vir hom gesê: “Waar is jy?”
- 10 Hy antwoord: “Ek het U geroep gehoor in die tuin en was bang, want ek is kaal; daarom het ek weggekruip.” ¹ Yog 2:28
- 11 Hy sê: “Wie het aan jou bekendgemaak dat jy kaal is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?”
- 12 Die mens antwoord: “Die vrou wat U gegee het om saam met my te wees, sy het vir my van die boom gegee en ek het geëet.”
- 13 יהוה-God sê vir die vrou: “Wat is hierdie wat jy gedoen het?” Die vrou antwoord: “Die slang het my mislei en ek het geëet.”
- 14 Toe sê יהוה-God aan die slang: “Omdat jy dit gedoen het, is jy meer as al die vee en al die diere van die veld vervloek. Jy moet op jou maag seil en jy moet stof eet al die dae van jou lewe.
- 15 Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” ^{Yog 10:13; Rom 16:20; Gal 3:17}
- 16 Vir die vrou het Hy gesê: “Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vergroot. Met pyn sal jy geboorte gee aan kinders en jy sal afhanklik van jou man wees en hy sal oor jou heers.”
- 17 Vir die mens het Hy gesê: “Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie; vervloek is die aarde om jou ontwil; ^{Gen 5:29; Rom 5:12} met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
- 18 Dit sal beide dorings en distels vir jou voortbring en jy sal die plante van die veld eet.
- 19 In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet totdat jy teruggaan na die grond toe, want jy is daaruit gehaal, want stof is jy en tot stof sal jy teruggaan.”
- 20 Die mens (Adam) het sy vrou Havah genoem omdat sy moeder geword het van almal wat lewe. ^{Hand 17:26}
- 21 יהוה-God het vir die mens en sy vrou klere van vel gemaak en hulle aangetrek.
- 22 יהוה-God het gesê: “Nou het die mens geword soos een van Ons deur goedheid en boosheid te ken.” Sodat hy nie sy hand uitsteek en ook van die ‘Boom-van-die-Lewe’ neem, eet en lewe vir ewig nie,
- 23 het יהוה-God hom weggestuur uit die tuin van ‘Eden om die grond om te spit waaruit hy gehaal is. ^{Gen 2:15}
- 24 Só het Hy die mens uitgedrywe en gérubs aan die voorkant van die tuin van ‘Eden laat bly, met die vlamme swaard wat heen en weer draai, om wag te hou oor die pad na die ‘Boom-van-die-Lewe’. ^{Yog 3:17; Open 22:14}

- 4 1 Adam het 'n verbondsverhouding met sy vrou Havah gehad en sy het swanger geword en geboorte gegee aan Kayin en gesê: "Ek het 'n man gekry vanaf יְהוָה."
- 2 Daarna het sy ook geboorte gegee aan sy broer Hevel. Hevel het 'n skaapwagter geword en Kayin 'n landbouer.
- 3 Ná 'n sekere tyd het Kayin 'n offer van die vrugte van die land aan יְהוָה gebring
- 4 en Hevel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring en van hulle vet. יְהוָה het Hevel en sy offer aanvaar, Lev 1-7; Heb 11:4
- 5 maar Kayin en sy offer nie aanvaar nie en Kayin het baie kwaad geword en sy gesig laat val.
- 6 יְהוָה sê vir Kayin: "Waarom is jy kwaad en waarom het jou gesig geval?
- 7 Is daar nie aanvaarding as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie, sit die sonde en wag by die deur en sy begeerte is na jou, maar jy moet daaroor heers."
- 8 Kayin het vir sy broer Hevel gesê: "Laat ons na die veld toe gaan." Dit het gebeur dat toe hulle in die veld was, Kayin teen sy broer Hevel opgestaan en hom doodgeslaan het.
- 9 יְהוָה sê vir Kayin: "Waar is jou broer Hevel?" Hy antwoord: "Ek weet nie. Is ek my broer se oppasser?"
- 10 יְהוָה sê: "Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die grond af.
- 11 Nou is jy vervloek deur die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. Deut 27:24
- 12 As jy die grond omspit, sal dit nie meer sy krag aan jou oorgee nie; jy sal 'n vlugteling wees en rondswerf op die aarde."
- 13 Kayin sê vir יְהוָה: "Die skuld van my oortreding is te groot vir my om te dra.
- 14 Let op, U verdryf my nou uit die land uit en ek moet my verberg vir U Teenwoordigheid: ek sal 'n vlugteling en swerwer op die aarde wees en elkeen wat my kry, sal my doodslaan."
- 15 יְהוָה sê vir hom: "Daarom, as enigeen Kayin doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word." יְהוָה het 'n merk op Kayin gesit sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie.
- 16 Kayin het weggegaan vanuit die Teenwoordigheid van יְהוָה en hy het gebly in die land Nod, aan die oostekant van 'Eden.
- 17 Kayin het 'n verbondsverhouding met sy vrou gehad en sy het swanger geword en geboorte gegee aan Hanokh. Hy het ook 'n stad gebou en die stad genoem na die naam van sy seun, Hanokh.
- 18 Vir Hanokh is 'Irak gebore en 'Irak was die vader van Meguya'el en Meguya'el was die vader van Metusha'el en Metusha'el die vader van Lemekh.
- 19 Lemekh het vir homself twee vroue gevat. Die naam van die eerste was 'Adah en die naam van die tweede Tzilah.
- 20 'Adah het geboorte gegee aan Yaval. Hy was die vader van die wat in tente gebly het en vee gehad het.
- 21 Die naam van sy broer was Yuval. Hy was die vader van almal wat op snaarinstrumente en blaasinstrumente speel.

- 22 Tzilah het ook geboorte gegee, naamlik aan Tuval-Kayin, wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het en die suster van Tuval-Kayin was Na'amah.
- 23 Lemekh het aan sy vroue gesê: "'Adah en Tzilah, hoor my stem! Vroue van Lemekh, luister na my woord! Ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my beseer.
- 24 As Kayin sewe maal gewreek word, dan Lemekh sewe en sewentig maal."
- 25 Adam het weer intiem met sy vrou verkeer en sy het geboorte gegee aan 'n seun en hom Shet genoem, want, het sy gesê: 'God het vir my 'n ander saad benoem in die plek van Hevel omdat Kayin hom doodgeslaan het.'
- 26 Ook vir Shet is 'n seun gebore, wat hy Enosh genoem het. Van daardie tyd af het hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van הוה onterend aangeroep (vervloek).
- 5** 1 Hierdie is die boekrol van die nageslag van Adam. Die dag toe God Adam geskep het, het Hy hom gemaak om te wees soos God.
- 2 Man en vrou het Hy hulle geskep en hulle geseën en hulle 'Mens' genoem, die dag toe hulle geskep is. Mat 19:4; Mar 10:6
- 3 Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, was hy die vader van 'n seun wat was soos hy, sy ewebeeld en hy het hom Shet genoem.
- 4 Die dae van Adam, ná die geboorte van Shet, was agt honderd jaar en hy het seuns en dogters gehad.
- 5 Al die dae van Adam, wat hy geleef het, was nege honderd en dertig jaar en hy is dood.
- 6 Toe Shet honderd en vyf jaar oud was, het hy die vader van Enosh geword.
- 7 Shet het ná die geboorte van Enosh nog agt honderd en sewe jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 8 Al die dae van Shet was nege honderd en twaalf jaar en hy is dood.
- 9 Toe Enosh negentig jaar oud was, het hy die vader van Kenan geword.
- 10 Enosh het ná die geboorte van Kenan nog agt honderd en vyftien jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 11 Al die dae van Enosh was nege honderd en vyf jaar en hy is dood.
- 12 Toe Kenan sewentig jaar oud was, het hy die vader van Mahalal'el geword.
- 13 Kenan het ná die geboorte van Mahalal'el nog agt honderd en veertig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 14 Al die dae van Kenan was nege honderd en tien jaar en hy is dood.
- 15 Toe Mahalal'el vyf en sestig jaar oud was, het hy die vader van Yered geword.
- 16 Mahalal'el het ná die geboorte van Yered nog agt honderd en dertig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 17 Al die dae van Mahalal'el was agt honderd vyf en negentig jaar en hy is dood.
- 18 Toe Yered honderd twee en sestig jaar oud was, het hy die vader van Hanokh geword.
- 19 Yered het ná die geboorte van Hanokh nog agt honderd jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 20 Al die dae van Yered was nege honderd twee en sestig jaar en hy is dood.
- 21 Toe Hanokh vyf en sestig jaar oud was, het hy die vader van Metushelag geword.

- 22 Hanokh het ná die geboorte van Metushelag nog drie honderd jaar guns by God gevind en hy het seuns en dogters gehad.
- 23 Al die dae van Hanokh was drie honderd vyf en sestig jaar.
- 24 Hanokh het naby God geleef en hy het verdwyn, want God het hom weggevat.
- 25 Toe Metushelag honderd sewe en tagtig jaar oud was, het hy die vader van Lemekh geword.
- 26 Metushelag het ná die geboorte van Lemekh nog sewe honderd twee en tagtig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 27 Al die dae van Metushelag was nege honderd nege en sestig jaar en hy is dood.
- 28 Toe Lemekh honderd twee en tagtig jaar oud was, het hy vader geword
- 29 en sy seun Noag genoem, want hy het gesê: "Hierdie een sal ons vertrous in ons werk en in die moeitevolle dae van ons hande as gevolg van die grond wat יְהוָה vervloek het." ^{Gen 3:17}
- 30 Lemekh het ná die geboorte van Noag nog vyf honderd vyf en negentig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 31 Al die dae van Lemekh was sewe honderd sewe en sewentig jaar en hy is dood.
- 32 Noag was vyf honderd jaar oud en Noag het die vader geword van Shem, Gam en Yefet.
- 6** 1 Dit het gebeur dat die mense oor die oppervlakte van die aarde begin vermeerder het en toe daar vir hulle dogters gebore is,
- 2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was en hulle het vir hulle almal wat hulle verkies het, as vroue gevat.
- 3 יְהוָה het gesê: "My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie omdat hy ook vlees is; laat sy tyd een honderd en twintig jaar wees."
- 4 Daardie dae, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het, was daar reuse (of gevallenes) op die aarde en ook daarna. Hulle was die kragtige vegters uit die ou tyd, die manne van eer en outoriteit.
- 5 יְהוָה het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil, altyd deur boos was
- 6 en יְהוָה het gesug omdat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste.
- 7 יְהוָה sê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek sug omdat Ek hulle gemaak het."
- 8 Noag het egter guns gevind in die oë van יְהוָה.
- 9 Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag.
- 10 Noag was die vader van drie seuns: Shem, Gam en Yefet.
- 11 Die aarde was korrup voor God en die aarde was vol boosheid.
- 12 God het gesien dat die aarde korrup was, want alle vlees het hulle lewenswyse op die aarde korrup gemaak.

- 13 God sê daarom vir Noag: “Die einde van alle vlees het voor My gekom, want die aarde is deur hulle volgemaak met boosheid. Let op, Ek gaan hulle saam met die aarde vernietig.
- 14 Maak vir jou ’n ark van goferhout; jy moet die ark met kamers maak en dit binne en buite met pik toedek
- 15 en só moet jy dit maak: die lengte van die ark, drie honderd el; sy breedte, vyftig el en sy hoogte, dertig el.
- 16 Jy moet ’n opening maak vir die ark; jy moet dit ’n el van die bokant af afwerk en die deur van die ark aan die sykant sit. Jy moet dit met ’n onderste, tweede en derde verdieping maak.
- 17 Let op, Ek bring ’n vloed van water oor die aarde, om van onder die hemel alle vlees waarin ’n gees van lewe is, te vernietig. Alles wat op die aarde is, sal doodgaan.
- 18 Met jou sal Ek My verbond bevestig; jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou
- 19 en van al wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elk in die ark laat ingaan om dit saam met jou in die lewe te hou: hulle moet mannetjie en wyfie wees.
- 20 Vanuit die voëls, volgens hulle spesies, vanuit die vee, volgens hulle spesies, vanuit al die reptiele van die aarde, volgens hulle spesies; twee van elke spesie moet na jou toe kom om in die lewe te bly.
- 21 Vat vir jou van al die kos wat geëet word en maak dit by jou bymekaar sodat dit vir jou en vir hulle as kos kan dien.”
- 22 Noag het dit alles gedoen, presies net soos God hom beveel het, so het hy gedoen.
- 7** **1** יהוה het vir Noag gesê: “Kom in die ark in, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien dat jy, in hierdie geslag, alleen onskuldig en opreg is voor My.
- 2 Van al die rein diere moet jy vir jou sewe mannetjies en sewe wyfies vat, maar van die diere wat nie rein is nie, twee; die mannetjie en sy wyfie.
- 3 Net so ook sewe mannetjies en sewe wyfies van die rein voëls van die hemel, om hulle saad aan die lewe te hou op die aarde,
- 4 want oor nog sewe dae sal Ek dit laat reën op die aarde vir veertig dae en veertig nagte en al die lewende wesens, wat Ek gemaak het, van die oppervlak van die aarde af, vernietig.”
- 5 Noag het alles gedoen wat יהוה hom beveel het.
- 6 Noag was ses honderd jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het.
- 7 Noag, sy seuns, sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom, het in die ark ingegaan voor die waters van die vloed.
- 8 Vanuit die rein diere, vanuit die diere wat nie rein is nie, vanuit die voëls en vanuit alles wat op die aarde kruip,
- 9 het daar pare saam met Noag in die ark ingegaan, ’n mannetjie en ’n wyfie, soos God vir Noag beveel het.
- 10 Dit het gebeur dat ná sewe dae die waters van die vloed oor die aarde gekom het.
- 11 In die ses honderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dié dag, is al die fonteine van die diep watermassas oopgeskeur en die sluise van die hemel is oopgemaak

- 12 en die reën het veertig dae en veertig nagte lank oor die aarde geval.
 - 13 Op daardie selfde dag het Noag, Shem, Gam en Yefet, die seuns van Noag, sowel as Noag se vrou en die drie vroue van sy seuns, saam met hulle in die ark ingegaan.
 - 14 Hulle, al die lewende diere volgens hulle spesies, al die vee volgens hulle spesies, al die reptiele volgens hulle spesies en al die voëls volgens hulle spesies, alle voëls van elke soort,
 - 15 van alle vlees wat 'n asem van lewe in het, het twee-twee by Noag in die ark ingegaan.
 - 16 Dié wat ingaan, het ingegaan as mannetjie en wyfie van elke lewende ding, soos God hom beveel het en וְהָיָה het agter hom toegesluit.
 - 17 Die vloed was veertig dae lank oor die aarde: die water het vermeerder en die ark opgelig, hoog bokant die aarde
 - 18 en die water het die oorhand gekry en baie vermeerder oor die aarde terwyl die ark op die waters ronddrywe.
 - 19 Die water het heeltemal die oorhand gekry oor die aarde sodat al die hoë berge onder die ganse hemel toegemaak was.
 - 20 Vyftien el bo die berge het die waters geheers en die berge toegedek.
 - 21 Alle vlees wat op die aarde beweeg: die voëls, die vee, alle lewende en kruipende diere wat op die aarde wemel en al die mense is dood.
 - 22 Alles wat die asem van die gees van lewe in sy neusgate gehad het, alles wat op die oppervlak van die grond was, is dood.
 - 23 Al die lewende wesens wat op die aarde was, is vernietig; die mens, sowel as die vee, die kruipende diere en selfs die voëls van die hemel; hulle is afgevee van die aarde af en net Noag en die wat saam met hom in die ark was, het oorgebly.
 - 24 Die water het die aarde oorweldig vir honderd en vyftig dae lank.
- 8** 1 God het Noag, alles wat lewe en al die vee wat saam met hom in die ark was, onthou en God het 'n wind oor die aarde laat waai sodat die water gesak het.
- 2 Die fontein van die diep watermassas en die sluise van die hemel het ook toegegaan en die reën uit die hemel het opgehou.
 - 3 Die water het aanhoudend teruggetrek van die aarde af en die water het verminder aan die einde van honderd en vyftig dae
 - 4 en die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die bergreeks van Ararat gerus.
 - 5 Die water het geleidelik afgeneem tot die tiende maand toe. Op die eerste dag van die tiende maand, het die toppe van die berge sigbaar geword.
 - 6 Dit het gebeur dat, na veertig dae, Noag die venster van die ark wat hy gemaak het, oopgemaak
 - 7 en 'n kraai uitgestuur het wat aanhoudend heen en weer gevlieg het totdat die water weggedroog het van die aarde af.
 - 8 Toe het hy vir homself 'n duif laat wegvlieg om te sien of die water oor die aarde se oppervlakte verminder het,

- 9 maar die duif het geen rusplek vir die holte van haar voet gevind nie en na hom teruggekom in die ark, want die water was oor die hele aarde. Hy het sy hand uitgesteek en haar gegryp en in die ark by hom gebring.
- 10 Hy het weer sewe dae gewag en hy het die duif weer uit die ark uitgestuur.
- 11 Die duif het teen sonsondergang na hom toe gekom en let op, daar was 'n groen olyfblaar in haar bek! Noag het geweet dat die water oor die aarde verminder het.
- 12 Hy het nog sewe dae gewag en weer die duif uitgestuur, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.
- 13 Dit het so gebeur dat in die ses honderd en eerste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, die waters weggedroog het van die aarde af en Noag het die dak van die ark afgehaal, uitgekyk en let op, die oppervlak van die aarde was droog!
- 14 In die tweede maand, op die sewe en twintigste dag van die maand, was die aarde droog
- 15 en God het met Noag gepraat en gesê:
- 16 "Gaan uit die ark uit, jy, jou vrou, jou seuns en die vroue van jou seuns saam met jou.
- 17 Laat alles, van alle vlees wat lewe en by jou is: die voëls, die vee en al die reptiele wat op die aarde kruip, saam met jou uitgaan dat hulle kan wemel en vrugbaar wees en vermeerder op die aarde."
- 18 Toe gaan Noag, sy seuns, sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom uit.
- 19 Alles wat lewe, al die reptiele, al die voëls en alles wat op die aarde beweeg, volgens hulle spesies, het uit die ark uitgegaan.
- 20 Noag het vir יהוה 'n altaar gebou en van elkeen van die rein diere en van elkeen van die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring ^{Lev 1:2,3}
- 21 en יהוה het die aangename geur geruik en יהוה het in Sy wil en verstand gesê: "Ek sal die aarde nie weer vervloek ter wille van die mens nie, want elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil, van sy jeug af, is boos en Ek sal ook nie weer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.
- 22 Terwyl die aarde bestaan, sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter en dag en nag nie ophou nie." ^{Deut 11:14; Yir 31:35,36}
- 9** 1 God het Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en hervul die aarde.
- 2 Die vrees en die skrik vir julle sal oor al die lewende dinge van die aarde en al die voëls van die hemel wees; alles wat op die aarde beweeg en al die visse van die see. Hulle is in julle hand gegee.
- 3 Alles wat beweeg en lewe, sal julle kos wees. Net soos die groen plante gegee is, gee Ek dit alles vir julle.
- 4 Net die vleis met die lewe, dit is, sy bloed, mag julle nie eet nie. ^{Lev 3:17; 7:26; 17:14; Deut 12:23}
- 5 Sekerlik sal ek julle bloed, julle lewe, van julleself vra: van al die diere sal Ek dit vra. Ook van die mens, van mens teenoor mens, sal Ek die lewe van die mens vra.
- 6 Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word, want God het die mens na Sy beeld gemaak.

- 7 Wees julle vrugbaar en vermeerder; bring oorvloedig voort op die aarde en vermeerder daarop.”
- 8 God het met Noag en sy seuns by hom gepraat en gesê:
- 9 “Ek, let op, Ek sluit My verbond met julle en met julle nageslag ná julle
- 10 en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die lewende diere van die aarde by julle; alles wat uit die ark uitgegaan het; al die diere van die aarde.
- 11 Ek sal My verbond met julle vasmaak: nooit weer sal alle vlees deur die water van ’n vloed uitgewis word nie en daar sal nooit weer ’n vloed wees wat die aarde vernietig nie.”
- 12 God het vir Noag gesê: “Dit is die teken van die verbond wat Ek tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, sluit, vir ewige geslagte:
- 13 My boog het Ek in die wolke gegee; dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.
- 14 As Ek dan ’n wolk oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolk,
- 15 dan sal Ek dink aan My verbond wat daar tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees, is en die water sal nooit weer ’n vloed word om alle vlees te vernietig nie.
- 16 Die boog sal in die wolk wees en Ek sal dit sien om te onthou van die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens, in alle vlees, wat op die aarde is.”
- 17 God het vir Noag gesê: “Dit is die teken van die verbond wat Ek gesluit het tussen My en alle vlees wat op die aarde is.”
- 18 Die seuns van Noag wat uit die ark uitgegaan het, was Shem, Gam en Yefet en Gam was die vader van Kena’an.
- 19 Hierdie drie was die seuns van Noag en vanaf hulle het hulle versprei oor die hele aarde.
- 20 Noag het begin om die grond om te ploeg en ’n wingerd geplant
- 21 en van die wyn gedrink, dronk geword en kaal in sy tent gelê.
- 22 Gam, die vader van Kena’an, het sy vader se skande gesien en dit vir sy twee broers buitekant gesê.
- 23 Shem en Yefet het ’n bo-kleed gevat en dit op hulle skouers gehou terwyl hulle agteruit loop en hulle het hulle vader se skande toegemaak: hulle gesig was agtertoe gedraai sodat hulle die skande van hulle vader nie gesien het nie. ^{Lev 18:6,7}
- 24 Noag het van sy wyn wakker geword en te wete gekom wat sy jonger seun aan hom gedoen het
- 25 en hy sê: “Vervloek is Kena’an! ’n Dienskneg van die diensknegte moet hy wees vir sy broers.”
- 26 Hy het ook gesê: “Geseënd is יהוה, die God van Shem, maar Kena’an moet sy dienskneg wees.
- 27 Mag God Yefet vergroot en mag hy woon in die tente van Shem, maar Kena’an moet sy dienskneg wees.”
- 28 Noag het ná die vloed drie honderd en vyftig jaar gelewe.
- 29 Al die dae van Noag was nege honderd en vyftig jaar en hy is dood.

- 10** 1 Hierdie is die nageslag van die seuns van Noag: Shem, Gam en Yefet; daar is vir hulle seuns gebore ná die vloed.
- 2 Die seuns van Yefet was: Gomer, Magog, Madai, Yavan, Tuval, Meshekh en Tiras.
- 3 Die seuns van Gomer was: Ashkenaz, Rifat en Togarmah.
- 4 Die seuns van Yavan was: Elishah, Tarshish, die Kittiers en Dodaniete.
- 5 Vanuit hierdie is die streke van die nasies verdeel in hulle lande, elkeen volgens sy taal, volgens hulle families, volgens hulle nasies.
- 6 Die seuns van Gam was: Kush, Mitzrayim, Put en Kena'an.
- 7 Die seuns van Kush was: S'va, Havilah, Savta, Ra'mah en Savt'kha. Die seuns van Ra'mah was: Sh'va en D'dan.
- 8 Kush was ook die vader van Nimrod. Hy het al verwoestende 'n kragtige vegter op aarde geword.
- 9 Hy was 'n kragtige jagter voor יהודה; daarom sê hulle: "Net soos Nimrod, 'n kragtige jagter voor יהודה."
- 10 Die begin van sy ryk was Babel, Erekh, Akkad en Kalneh in die land Shin'ar.
- 11 Vanuit Shin'ar het hy uitgetrek na Ashur en Ninveh gebou, asook die stede Regovot, Kelag
- 12 en Resen, wat 'n groot stad was tussen Ninveh en Kelag.
- 13 Mitzrayim was die vader van die Ludiete, 'Anamiete, L'haviete, Naftugiete,
- 14 die Patrusiete, Kaftoriete en Kaslugiete; waaruit die F'lishtyne voortgekom het.
- 15 Kena'an was die vader van Tzidon, sy eersgeborene, Het,
- 16 die Y'vusiete, Emoriete, Girgashiete,
- 17 die Hiviete, 'Arkiete, Siniete,
- 18 die Arvadiete, Tz'mariete en Hamatiete. Daarna is die families van die Kena'aniete versprei.
- 19 Die gebied van die Kena'aniete was van Tzidon af in die rigting van G'rar tot by Gazah, in die rigting van S'dom, 'Amorah, Admah en Tzvoyim tot by Lesha.
- 20 Dit was die seuns van Gam volgens hulle families, volgens hulle tale, in hulle lande en volgens hulle nasies.
- 21 Ook vir Shem, die ouer broer van Yefet, die stamvader van al die seuns van 'Ever, is seuns gebore.
- 22 Die seuns van Shem was: 'Eilam, Ashur, Arpakhshad, Lud en Aram.
- 23 Die seuns van Aram was: 'Utz, Hul, Geter en Mash.
- 24 Arpakhshad was die vader van Shelag en Shelag van 'Ever.
- 25 Vir 'Ever is twee seuns gebore; die naam van die een was Peleg, ^{Gen 11:6-9} want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak en die naam van sy broer was Yoktan.
- 26 Yoktan was die vader van Almódad, Shelef, Hatzar-Mavet, Yerag,
- 27 Hadoram, Uzal, Diklah,
- 28 'Oval, Avima'el, Sh'va,
- 29 Ofir, Havilah en Yovav. Hulle almal was seuns van Yoktan.
- 30 Hulle blyplek was van Mesha af in die rigting van S'far, die berg van die ooste.
- 31 Dit is die seuns van Shem volgens hulle geslagte, volgens hulle tale, in hulle lande en volgens hulle nasies.

32 Dit is die families van die seuns van Noag volgens hulle geslagte, volgens hulle nasies en vanuit hulle het die nasies ná die vloed oor die aarde versprei.

- 11** 1 Dit was so dat die hele aarde dieselfde taal en dieselfde manier van praat gehad het.
- 2 Dit het so gebeur dat toe hulle weggetrek het vanuit die ooste, hulle 'n wye oop vallei in die land van Shin'ar gekry het en hulle het daar gaan bly.
- 3 Hulle sê toe vir mekaar: "Kom ons maak stene en brand dit met vuur." Hulle het toe die bakstene as klippe en die lymgrond (Asfalt) vir klei gehad.
- 4 Hulle sê ook: "Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die punt in die hemele is en laat ons vir ons 'n karakter en outoriteit (naam) daarstel sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie."
- 5 יהוה het afgekom om die stad en die toring te sien wat die seuns van die mens gebou het.
- 6 יהוה het gesê: "Let op, hulle is nou een volk en het almal een taal en dit is net die begin van wat hulle beplan het om te doen; nou sal niks wat hulle beplan om te doen vir hulle onmoontlik wees nie.
- 7 Kom, laat Ons afgaan en hulle taal daar verwar sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie."
- 8 Só het יהוה hulle daarvandaan oor die hele aarde verstrooi en hulle het opgehou om die stad te bou.
- 9 Hulle het dit as gevolg daarvan Babel genoem, want dáár het יהוה die taal van die hele aarde deurmekaar gemaak en daarvandaan het יהוה hulle oor die hele aarde verstrooi.
- 10 Dit is die nageslag van Shem: toe Shem honderd jaar oud was, het hy die vader van Arpakhshad geword, twee jaar ná die vloed.
- 11 Shem het ná die geboorte van Arpakhshad nog vyf honderd jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 12 Toe Arpakhshad vyf en dertig jaar oud was, het hy die vader van Shelag geword.
- 13 Arpakhshad het ná die geboorte van Shelag nog vier honderd en drie jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 14 Toe Shelag dertig jaar oud was, het hy die vader van `Ever geword.
- 15 Shelag het ná die geboorte van `Ever nog vier honderd en drie jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 16 Toe `Ever vier en dertig jaar oud was, het hy die vader van Peleg geword.
- 17 `Ever het ná die geboorte van Peleg nog vier honderd en dertig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 18 Toe Peleg dertig jaar oud was, het hy die vader van Re'u geword.
- 19 Peleg het ná die geboorte van Re'u nog twee honderd en nege jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 20 Toe Re'u twee en dertig jaar oud was, het hy die vader van S'rug geword.
- 21 Re'u het ná die geboorte van S'rug nog twee honderd en sewe jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 22 Toe S'rug dertig jaar oud was, het hy die vader van Nagor geword.

- 23 S'rug het ná die geboorte van Nagor nog twee honderd jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 24 Toe Nagor nege en twintig jaar oud was, het hy die vader van Terag geword.
- 25 Nagor het ná die geboorte van Terag nog honderd en negentien jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
- 26 Toe Terag sewentig jaar oud was, het hy die vader geword van Avram, Nagor en Haran.
- 27 Dit is die nageslag van Terag: Terag het die vader geword van Avram, Nagor en Haran en Haran van Lot.
- 28 Haran is in Ur van die Kasdeërs, in sy geboorteland, dood terwyl sy vader Terag nog geleef het.
- 29 Avram en Nagor het vir hulle vroue gevat. Die naam van Avram se vrou was Sarai en die naam van Nagor se vrou was Milkah, die dogter van Haran, die vader van Milkah en van Yiskah.
- 30 Sarai was onvrugbaar, sy het geen kind gehad nie.
- 31 Terag het sy seun Avram, Lot, die seun van Haran, sy kleinseun ^{Hand 7:4} en vir Sarai, sy skoondogter, die vrou van sy seun Avram, gevat en saam met hulle uit Ur van die Kasdeërs getrek om na die land Kena'an te gaan. Hulle het tot by Haran gekom en daar gaan bly.
- 32 Die dae van Terag was twee honderd en vyf jaar en Terag is in Haran dood.
- 12** ¹ יהוה het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys
- 2 en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees
- 3 en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.”
- 4 Avram het weggetrek soos יהוה vir hom gesê het en Lot het saam met hom getrek. Avram was vyf en sewentig jaar oud toe hy uit Haran vertrek het.
- 5 Avram het Sarai, sy vrou en Lot, sy broerskind, gevat en al hulle besittings wat hulle bymekaargemaak het en die mense wat hulle in Haran bygekry het en hulle het uitgetrek om na die land Kena'an te gaan en in die land Kena'an aangekom.
- 6 Avram het deur die land getrek na die plek Sh'khem, tot by die Eikeboom van Moreh. Die Kena'aniete was toe in die land.
- 7 יהוה het aan Avram verskyn en gesê: “Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee.” Toe bou hy daar 'n altaar vir יהוה wat aan hom verskyn het. ^{Hand 7:5}
- 8 Daarvandaan het hy vertrek na die berge oos van Beit-El en sy tent tussen Beit-El aan die see se kant en 'Ai aan die oostekant opgeslaan en daar vir יהוה 'n altaar gebou en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aangeroep.
- 9 Avram het al verder na die Suidland (Negev) getrek.
- 10 Daar was hongersnood in die land sodat Avram na Mitzrayim afgetrek het om daar te bly, want die hongersnood was swaar in die land.
- 11 Dit het gebeur dat toe hy op die punt staan om Mitzrayim binne te gaan, hy vir sy vrou Sarai gesê het: “Let op, ek weet dat jy 'n vrou is wat mooi is om na te kyk

- 12 en dit sal gebeur dat as die Mitzrayimiete jou sien, hulle sal sê: 'Dit is sy vrou' en hulle sal my doodmaak en jou laat lewe.
- 13 Sê asseblief jy is my suster sodat dit met my goed kan gaan ter wille van jou en ek as gevolg van jou in die lewe kan bly."
- 14 Dit het so gebeur dat toe Avram in Mitzrayim kom, die Mitzrayimiete gesien het dat sy vrou baie mooi was.
- 15 Die heersers van Farao het haar ook gesien en haar by Farao aangeprys en die vrou is in Farao se paleis ingevat.
- 16 Hy het Avram goed behandel om haar ontwil sodat hy kleinvee, beeste, esels, slawe en slavinne, eselinne en kamele gekry het.
- 17 יְהוָה het Farao en sy huis egter met groot plaë getref as gevolg van Sarai, die vrou van Avram.
- 18 Daarop laat Farao Avram roep en sê: "Wat is dit wat jy aan my gedoen het? Waarom het jy my nie gesê dat sy jou vrou is nie?"
- 19 Waarom het jy gesê: 'Sy is my suster' sodat ek haar vir my as vrou kon gevat het? Daarom dan, hier is jou vrou, vat haar en gaan weg."
- 20 Farao het sy manne bevel gegee aangaande hom en hulle het hom weggestuur saam met sy vrou en al sy besittings.
- 13** 1 Avram het uit Mitzrayim na die Negev opgetrek; hy, met sy vrou en al sy besittings en Lot saam met hom.
- 2 Avram was baie ryk aan vee, silwer en goud.
- 3 Hy het van plek tot plek vanuit die Negev deurgetrek tot by Beit-El, na die plek waar sy tent in die begin gestaan het, tussen Beit-El en 'Ai,
- 4 na die plek van die altaar wat hy vroeër daar gebou het en Avram het daar die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה aangeroep.
- 5 Lot, wat saam met Avram getrek het, het ook groot troppe kleinvee, beeste en tente gehad
- 6 en die land kon hulle nie dra om saam te bly nie, want hulle besittings was baie sodat hulle nie saam kon bly nie.
- 7 Daar was 'n geskil tussen Avram en Lot se veewagters en verder het die Kena'aniete en P'risiete toe ook in die land gebly.
- 8 Toe sê Avram vir Lot: "Laat daar tog geen twis wees tussen my en jou en tussen my wagters en jou wagters nie; ons is tog broers.
- 9 Lê die hele land nie voor jou nie? Skei jou nou van my af; as jy links gaan, dan sal ek regs gaan en as jy regs gaan, dan sal ek links gaan."
- 10 Lot slaan sy oë op en sien dat die hele Yardenvallei oral baie water het. Voordat יְהוָה S'dom en 'Amorah verwoes het, was dit soos die tuin van יְהוָה, soos Mitzrayim in die rigting van Tzo'ar.
- 11 Lot het vir hom die hele Yardenstreek gekies en Lot het na die ooste weggetrek. So het hulle dan van mekaar geskei.
- 12 Avram het aangehou bly in die land Kena'an en Lot het gaan woon in die stede van die Yardenstreek en sy tente tot sover as by S'dom opgeslaan.
- 13 Die manne van S'dom was uitermate boos en sondig voor יְהוָה.

- 14 Nadat Lot van hom geskei het, sê **לֹדֶךָ** vir Avram: “Lig nou jou oë op en kyk vanaf die plek waar jy staan na die noorde, die suide, die ooste en die weste,
 15 want al die land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid
 16 en Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde sodat as iemand die stof van die aarde kon tel, jou nageslag ook getel kon word.” ^{Hand 7:5}
 17 Staam op, gaan die land deur in sy lengte en sy breedte, want Ek sal dit aan jou gee.”
 18 Toe het Avram sy tente geskuif en gaan bly by die Eikebome van Mamre, wat by Hebron is en hy het daar vir **לֹדֶךָ** 'n altaar gebou.

- 14** 1 Dit was in die dae van Amrafel, die koning van Shin'ar; Aryok, die koning van Ellasar; K'dorla'omer, die koning van 'Eilam en Tid'al, die koning van Gelites,
 2 dat hulle oorlog gemaak het teen Bera, die koning van S'dom, Birsha, die koning van 'Amorah, Shin'av, die koning van Admah, Shem'ever, die koning van Tzvoyim en teen die koning van Bela, wat Tzo'ar is.
 3 Al hierdie het bymekaargekom in die vlakte van Siddim, dit is die Soutsee.
 4 Hulle het K'dorla'omer twaalf jaar lank gedien, maar in die dertiende jaar het hulle gerebelleer.
 5 In die veertiende jaar het K'dorla'omer en die konings wat saam met hom was gekom en hulle het die Refa'iete in 'Asht'rot-Karnayim, die Zuziete in Ham, die Eimiete in Shaveh-Kiryatayim
 6 en die Horiëte op hulle Se'ir gebergetes, tot by Eil-Pa'ran, wat aan die wildernis lê, verslaan.
 7 Daarna het hulle omgedraai en by Ein-Mishpat, dit is Kadesh, gekom en die hele land van die 'Amalekiete verower asook die Emoriete wat in Hatzatzon-Tamar bly.
 8 Toe gaan die konings van S'dom, 'Amorah, Admah, Tzvoyim en Bela, dit is Tzo'ar, uit en stel hulleself op in slagorde in die vlakte van Siddim
 9 teen K'dorla'omer, die koning van 'Eilam, Tid'al, die koning van die ander nasies, Amrafel, die koning van Shin'ar en Aryok, die koning van Ellasar: vier konings teen vyf.
 10 Die vlakte van Siddim was vol asfaltgate en toe die konings van S'dom en 'Amorah wegvlug, het sommige daarin geval en die wat oorgebly het, het na die berge gevlug.
 11 Hulle het al die besittings van S'dom en 'Amorah en al hulle kos gevat en weggetrek.
 12 Hulle het ook vir Lot, Avram se broerskind en al sy besittings gevat, want hy het in S'dom gebly en weggegaan.
 13 'n Vluchteling kom en vertel dit vir Avram, die Hebreër wat by die Eikebome van Mamre, die Emoriet, broer van Eshkol en 'Aner, gebly het; hulle was in verbond met Avram.
 14 Toe Avram hoor dat sy broerskind as gevangene weggevoer is, het hy sy drie honderd en agtien opgeleide, geoefende manne, wat in sy huis gebore is, laat uittrek en hulle tot by Dan agtervolg.

- 15 Hy en sy diensknegte het opgedeel in die nag en hulle aangeval en hulle verslaan en agtervolg tot by Hovah wat noord van Dammesek lê.
- 16 Hy het al die besittings teruggebring, asook sy broerskind Lot en sy besittings, die vroue en al die mense.
- 17 Die koning van S'dom het ná sy terugkoms van die verslaan van K'dorla'omer en die konings wat saam met hom was, uitgetrek, hom tegemoet, in die Shavehvallei, dit is die Koningsvallei.
- 18 Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-'Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring ^{Ps 76:3}
- 19 en hom geseën en gesê: "Geseënd is Avram deur El-'Elyon, die Skepper van hemele en aarde
- 20 en geseënd is El-'Elyon, wat u vyande in u hand gegee het." Toe gee Avram hom 'n tiende van alles. ^{Heb 7:1,2}
- 21 Die koning van S'dom sê vir Avram: "Gee vir my die mense, maar vat die besittings vir uself,
- 22 maar Avram antwoord die koning van S'dom: "Ek het my hand opgelig voor יהוה, El-'Elyon, die Skepper van hemele en aarde
- 23 sodat ek geen garingdraad of skoenriem sal vat en niks van enige iets wat u s'n is nie sodat u nie kan sê: 'Ek het Avram ryk gemaak,' nie;
- 24 net wat die diensknegte geëet het en die manne wat saam met my getrek het se deel: 'Aner, Eshkol en Mamre, laat dié hulle deel vat."
- 15** 1 Ná hierdie dinge het die boodskap van יהוה tot Avram gekom in 'n visioen en gesê: "Moenie bang wees nie, Avram, Ek is vir jou 'n Skild en jou beloning sal uitermate groot wees."
- 2 Avram vra: "Meester יהוה wat sal U my gee aangesien ek sonder kinders doodgaan en die seun van die erfgenaam van my huis is hierdie Eli'ezer van Dammesek?"
- 3 Verder het Avram gesê: "U het nie vir my 'n nageslag gegee nie en let op, 'n seun wat in my huis gebore is, is my erfgenaam."
- 4 "Let op," sê יהוה vir hom, "hierdie man sal nie jou erfgenaam wees nie, maar een wat uit jou eie liggaam sal kom, hy sal jou erfgenaam wees." ^{Hand 7:5}
- 5 Hy het hom na buite gebring en gesê: "Kyk nou goed na die hemel en tel die sterre as jy 'n getal daaraan kan gee." Hy sê ook vir hom: "Net so sal jou nageslag wees."
- 6 Avram het in יהוה vertrou ^{Ya'a 2:23; Rom 4:3,9,18,22; Gal 3:6} en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken.
- 7 Hy het ook vir hom gesê: "Ek is יהוה wat jou uitgebring het uit Ur van die Kasdeërs om vir jou hierdie land te gee om te besit."
- 8 Hy sê: "O, יהוה-God, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?"
- 9 Hy antwoord hom: "Vat vir My 'n driejaaroud vers, 'n driejaaroud bokooi, 'n driejaaroud ram, 'n tortelduif en 'n jong duif."
- 10 Hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeer gesny en die helftes teenoor mekaar gelê, maar die voëls het hy nie in twee gesny nie.
- 11 Toe die roofvoëls op die karkasse afkom, het Avram hulle weggejaag

- 12 en toe die son besig was om onder te gaan, val daar 'n diepe slaap oor Avram en let op, verskrikking en groot duisternis het oor hom gekom.
- 13 יְהוָה sê vir Avram: “Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank,
- 14 maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings. ^{Hand 7:7}
- 15 Wat jou betref: jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in 'n goeie ouderdom begrawe word,
- 16 maar na vier eeue sal hulle hierheen terugkom, want die boosheid van die Emoriete is tot nou toe nie volledig nie.” ^{Deut 9:5}
- 17 Dit het so gebeur dat ná sononder, toe dit heeltemal donker was, let op, 'n rokende oond en brandende fakkel tussen die stukke vleis deur gegaan het.
- 18 Op daardie dag het יְהוָה met Avram 'n verbond gesluit en gesê: “Aan jou nageslag het Ek hierdie land gegee, ^{Hand 7:5} van die rivier van Mitzrayim af tot by die groot rivier, die Feratrivier (Eufraat):
- 19 die Keiniete, K'niziete, Kadmoniete,
- 20 Hittiete, P'riziete, Refa'iete (Reuse),
- 21 Emoriete, Kena'aniete, Girgashiete en Y'vusiete.”

- 16** 1 Sarai, die vrou van Avram, het vir hom geen kinders voortgebring nie en sy het 'n slavin uit Mitzrayim gehad met die naam van Hagar.
- 2 Sarai het vir Avram gesê: “Let op, יְהוָה het van my teruggehou om geboorte te gee. Gaan, wees intiem met my slavin; miskien kan ek kinders deur haar hê.” Avram het na Sarai geluister.
- 3 Sarai, die vrou van Avram, vat vir Hagar, haar slavin van Mitzrayim en gee haar aan haar man Avram as vrou nadat Avram tien jaar in die land Kena'an gewoon het.
- 4 Hy was intiem met Hagar en sy het swanger geword. Toe sy sien dat sy swanger is, was haar meesteres veragtelik in haar oë.
- 5 Sarai sê vir Avram: “Dié onreg aan my gedoen, is op jou! Ek self het my slavin aan jou bors gegee en nou dat sy sien dat sy swanger is, het ek veragtelik in haar oë geword. Laat יְהוָה oordeel tussen my en jou.”
- 6 Avram antwoord Sarai: “Let op, jou slavin is in jou hand; doen met haar soos dit goed is in jou oë.” Toe het Sarai haar sleg behandel en sy het van haar af weggevlug.
- 7 Die boodskapper van יְהוָה het haar by 'n fontein in die woestyn gekry, by die fontein op pad na Shur,
- 8 en gevra: “Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?” Sy antwoord: “Ek vlug van die teenwoordigheid van my meesteres, Sarai, af weg.”
- 9 Die boodskapper van יְהוָה sê vir haar: “Gaan terug na jou meesteres en onderwerp jou onder haar hande.”
- 10 Verder sê die boodskapper van יְהוָה vir haar: “Ek sal jou nageslag uitermate vermeerder sodat dit vanweë die menigte nie getel kan word nie.”

- 11 Ook sê die boodskapper van יהוה vir haar: “Let op, jy is swanger en sal geboorte gee aan ’n seun en jy moet hom Yishma’el noem, want יהוה het jou in jou ellende gehoor
- 12 en hy sal ’n wilde-donkie van ’n mens wees: sy hand teen almal en almal se hand teen hom en hy sal téénor al sy broers bly.”
- 13 Toe noem sy die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה wat met haar gepraat het: “El-Ro’i,” want sy het gesê: “Het ek selfs hier bly lewe nadat ek Hom gesien het?”
- 14 Hulle noem daarom die put: Be’er Lagai-Ro’i. Dit lê daar tussen Kadesh en Bered.
- 15 Hagar het vir Avram ’n seun gebaar en Avram het sy seun, wat Hagar gebaar het, Yishma’el genoem
- 16 en Avram was ses en tagtig jaar oud toe Hagar aan Yishma’el geboorte gegee het vir Avram.
- 17** ¹ Toe Avram nege en negentig jaar oud was, het יהוה aan Avram verskyn en vir hom gesê: “Ek is El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is); leef goed in My Teenwoordigheid en wees sonder vlek
- 2 en Ek sal My verbond sluit tussen My en jou en jou uitermate oorvloedig vermeerder.
- 3 Toe val Avram op sy gesig en God het met hom gepraat en gesê:
- 4 “Wat My betref, let op, Ek sluit My verbond met jou en jy sal die vader van ’n menigte nasies wees.
- 5 Jou naam sal ook nie meer Avram wees nie, maar jou naam sal Avraham wees, want Ek het jou ’n vader van ’n menigte nasies gemaak. ^{Rom 4:17}
- 6 Ek sal jou vrugbaar maak en jou uitermate oorvloedig vermeerder: Ek sal jou vader van baie nasies maak en konings sal uit jou lendene kom.
- 7 Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou, in hulle geslagte, as ’n ewige verbond: Ek sal vir jou God wees en vir jou nageslag ná jou.
- 8 Ek sal ook aan jou en jou nageslag ná jou die land, waar jy besoeker is, gee; die hele land Kena’an, as ’n ewige erfenis en Ek sal hulle God wees.”
- 9 God het ook vir Avraham gesê: “Wat jou betref: jy moet My verbond nakom, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag
- 10 is dit My verbond wat jy moet nakom tussen My en jou en jou nageslag ná jou.
- 11 Dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. ^{Yog 7:22} Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word.
- 12 Hy, onder julle, wat agt dae oud is, moet besny word, almal wat manlik is, in julle geslagte; die wat in jou huis gebore is en die wat nie van jou nageslag is nie, wat van enige vreemdeling met geld gekoop is.
- 13 Hy wat in jou huis gebore is en hy wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word en My verbond sal in julle vlees wees as ’n ewige verbond
- 14 en die onbesnede manlike persoon, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie, dié persoon moet afgesny word van sy volk; hy het My verbond gebreek.

- 15 God het ook vir Avraham gesê: “Wat jou vrou, Sarai, betref, moet jy haar nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sarah wees
 - 16 en Ek het haar geseën en sal jou uit haar ook ’n seun gee. Ja, Ek sal hom seën en nasies van hom maak; konings van volke sal uit hom voortkom.”
 - 17 Toe val Avraham op sy gesig en lag en sê in sy binneste: ‘Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, ’n kind gebore word, of kan Sarah, wat negentig jaar oud is, geboorte gee?’
 - 18 Avraham sê vir God: “Ag, dat Yishma’el in U Teenwoordigheid kan leef!”
 - 19 God antwoord Avraham: “Waarlik, jou vrou, Sarah, sal vir jou geboorte gee aan ’n seun en jy moet hom Yitz’gak noem en Ek sal My verbond met hom vasstel as ’n ewige verbond en met sy nageslag ná hom.
 - 20 Wat Yishma’el betref, Ek het jou ook gehoor. Let op, Ek het hom geseën en maak hom vrugbaar en vermeerder hom uitermate oorfloedig. Hy sal die vader word van twaalf prinse en Ek sal hom ’n groot nasie maak,
 - 21 maar My verbond sal Ek vasstel met Yitz’gak, aan wie Sarah, volgende jaar in hierdie seisoen, geboorte sal gee vir jou.”
 - 22 Nadat God klaar met hom gepraat het, het Hy van Avraham af opgegaan.
 - 23 Avraham het sy seun Yishma’el gevat, almal wat in sy huis gebore is en almal wat met sy geld gekoop is; almal wat manlik was onder die mense in die huis van Avraham en hy het die vlees van hulle voorhuid nog op daardie selfde dag besny, soos God vir hom gesê het.
 - 24 Avraham was nege en negentig jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is
 - 25 en sy seun, Yishma’el, was dertien jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is.
 - 26 Avraham en sy seun Yishma’el is op daardie selfde dag besny
 - 27 en al die manne van sy huis; die wat in sy huis gebore is en die wat van vreemdelinge met geld gekoop is, is saam met hom besny.
- 18** יְהוָה het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.
- 2 Hy het sy oë opgeslaan en gekyk en let op, daar staan drie manne op ’n afstand voor hom. Toe hy hulle sien, hardloop hy vanaf die ingang van die tent om hulle te ontmoet en buig hom na die grond toe neer.
 - 3 Hy sê: “יְהוָה”, as ek nou guns in U oë gevind het, gaan dan tog nie by U dienskneg verby nie.
 - 4 Laat hulle asseblief ’n bietjie water bring, U voete was en lê en rus onder die boom.
 - 5 Laat ek ’n stukkie brood gaan haal en U binneste versterk; daarna kan U verder gaan, want daarom het U by U dienskneg aangekom.” Hulle antwoord: “Doen soos jy gesê het.”
 - 6 Toe loop Avraham haastig die tent in na Sarah toe en sê: “Maak gou, knie drie seah (12,75 liter) van die beste meel en maak roosterkoekoek.”

- 7 Avraham hardloop na die beeste en vang 'n sagte, goeie kalf en gee dit aan die jongman, wat dit gou voorberei het.
- 8 Hy neem ook botter, soetmelk en die kalf wat hy voorberei het en sit dit aan hulle voor terwyl hy self by hulle onder die boom bly staan en hulle het geëet.
- 9 Toe sê hulle vir hom: "Waar is Sarah, jou vrou?" Hy antwoord: "Let op, in die tent."
- 10 יְהוָה sê: "Ek sal sekerlik ná die tyd van lewe terugkom na jou toe, dan sal jou vrou Sarah 'n seun hê." Sarah het dit gehoor by die ingang van die tent wat agter haar was.
- 11 Avraham en Sarah was oud, ver gevorderd in dae en dit het met Sarah nie meer volgens die natuur van vroue gegaan nie.
- 12 Sarah het as gevolg hiervan in haar binneste gelag en gedink: 'Sal ek plesier hê nadat ek oud geword het en my meester ook oud is?' ^{1 Kef 3:6}
- 13 Toe sê יְהוָה vir Avraham: "Waarom het Sarah daar gelag en gesê: 'Sal ek werklik geboorte gee, ek wat oud geword het?'"
- 14 Is enige iets vir יְהוָה te moeilik? Op die vasgestelde tyd, na die tyd van lewe, sal Ek na jou toe terugkom en Sarah sal 'n seun hê." ^{Rom 9:9}
- 15 Sarah het dit ontken en gesê: "Ek het nie gelag nie," want sy was bang. Hy sê: "Nee, maar jy het gelag."
- 16 Toe staan die manne daarvandaan op en hulle het in die rigting van S'dom gekyk en Avraham het saam met hulle gegaan om hulle weg te bring.
- 17 יְהוָה sê: "Sal Ek vir My diensknege Avraham wegsteek wat Ek gaan doen
- 18 terwyl Avraham sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word?
- 19 Ek het 'n verbondsverhouding met hom sodat hy aan sy seuns en sy huis ná hom bevel sal gee dat hulle die pad van יְהוָה moet hou om onpartydige opregtheid en reg te doen sodat יְהוָה oor Avraham kan bring wat Hy oor hom gesê het." ^{Efe 6:4}
- 20 יְהוָה het ook gesê: "Die uitroep teen S'dom en 'Amorah is uitermatig en hulle sonde is oortuigend swaar.
- 21 Ek wil nou afgaan en kyk of hulle werklik alles gedoen het volgens die uitroep oor hulle wat na My toe gekom het en indien nie, sal Ek weet."
- 22 Die manne het daarvandaan weggedraai en na S'dom gegaan, maar Avraham het nog bly staan voor die Teenwoordigheid van יְהוָה.
- 23 Avraham het nader gekom en gesê: "Sal U ook die opregte en onskuldige saam met die bose oortreder uitwis?"
- 24 Miskien is daar vyftig opregtes en onskuldiges binne-in die stad; sal U hulle ook uitwis en die plek nie spaar ter wille van die vyftig opregte en onskuldiges wat daarin is nie?
- 25 'n Verwerplike gedagte, vir U om so iets te doen: om die opregte en onskuldige saam met die bose oortreder dood te maak sodat die opregte en onskuldige gelyk is met die bose oortreder. 'n Verwerplike gedagte! Sal die Regter van die hele aarde nie regverdig oordeel nie?"
- 26 יְהוָה sê: "As Ek binne-in die stad, in S'dom, vyftig opregtes en onskuldiges kry, dan sal Ek die hele plek spaar om hulle ontwil."

- 27 Avraham antwoord en sê: "Let nou op, ek het gewaag om met יהוה te praat, alhoewel ek stof en as is.
- 28 Miskien sal daar aan die vyftig opregtes en onskuldiges vyf kortkom; sal U ter wille van vyf die hele stad verwoes?" Hy antwoord: "Ek sal dit nie verwoes as Ek vyf en veertig daar kry nie."
- 29 Hy het nog verder met Hom gepraat en gesê: "Miskien sal daar veertig gekry word." Hy antwoord: "Ek sal dit ter wille van die veertig nie doen nie."
- 30 Verder sê hy: "Laat יהוה tog nie toornig wees nie en mag ek nog iets sê. Miskien sal daar dertig gekry word." Hy antwoord: "Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar kry nie."
- 31 Toe sê hy: "Let nou op, ek het dit gewaag om met יהוה te praat. Miskien sal daar twintig gekry word." Hy antwoord: "Ek sal dit ter wille van die twintig nie verwoes nie."
- 32 Toe sê hy: "Laat יהוה tog nie toornig wees nie en laat my nog net hierdie keer praat. Miskien sal daar tien gekry word." Hy antwoord: "Ek sal dit ter wille van die tien nie verwoes nie."
- 33 יהוה het, toe Hy klaar met Avraham gepraat het, op Sy pad gegaan en Avraham het na sy blyplek teruggegaan.

- 19** 1 Die twee boodskappers het teen sonsondergang in S'dom aangekom terwyl Lot in die poort van S'dom sit en toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle te ontmoet en homself neergebuig met sy gesig na die grond toe
- 2 en gesê: "Let nou op, my meesters, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor en was u voete, dan kan u vroeg opstaan en u reis voortsit," maar hulle antwoord: "Nee, ons sal op die plein bly."
- 3 Hy het egter sterk by hulle aangedring sodat hulle na hom uitgedraai en in sy huis ingekom het. Hy het vir hulle 'n ete voorberei en ongesuurde brood gebak en hulle het geëet.
- 4 Voordat hulle nog gaan lê het, het die manne van die stad, die manne van S'dom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking van die stad.
- 5 Hulle het na Lot geroep en vir hom gesê: "Waar is die manne wat vannag na jou toe gekom het? Bring hulle na ons toe uit sodat ons 'n intieme verhouding met hulle kan hê."
- 6 Lot het uitgegaan na hulle toe voor die ingang, die deur agter hom toegesluit
- 7 en gesê: "Asseblief, my broers, moenie boosheid doen nie.
- 8 Let nou op, ek het twee dogters wat met geen man intiem was nie; laat ek dié na julle uitbring en doen met hulle soos dit goed is in julle oë. Net aan hierdie manne moet julle niks doen nie, want daarom het hulle onder die skaduwee van my dak ingekom."
- 9 Hulle sê: "Staan terug!" Ook sê hulle: "Hierdie een het gekom om as gas tussen ons te kom bly en nou tree hy op as regter oor ons. Nou sal ons jou meer kwaad aandoen as aan hulle." Toe het Lot desperaat met hulle baklei en hulle het nader gekom om die deur af te breek,

- 10 maar die manne het hulle hand uitgesteek en Lot by hulle in die huis ingebring en die deur toegesluit.
- 11 Toe slaan hulle die manne wat by die ingang van die huis was, van klein tot groot, met blindheid sodat hulle moeg geword het om tevergeefs na die ingang te soek.
- 12 Die manne sê vir Lot: "Het jy nog iemand hier? 'n Skoonseun, jou seuns, jou dogters en almal wat jy in die stad het; bring hulle uit die plek uit,
- 13 want ons gaan hierdie plek vernietig omdat die uitroep teen hulle groot is in die Teenwoordigheid van יהוה en יהוה het ons gestuur om dit te vernietig."
- 14 Toe gaan Lot uit en praat met sy skoonseuns wat sy dogters aanvaar het en sê: "Staan op, gaan uit hierdie plek uit, want יהוה verwoes die stad." In die oë van sy skoonseuns was hy egter soos een wat gekkeer.
- 15 Toe die dag begin breek, het die boodskappers by Lot aangedring en gesê: "Staan op, vat jou vrou en jou twee dogters wat by jou is sodat jy nie saam vernietig word vir die wetsoortreding van die stad nie."
- 16 Terwyl hy nog talm, gryp die manne hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand omdat יהוה guns aan hom bewys het en hulle bring hom uit en sit hom buitekant die stad neer.
- 17 Dit het so gebeur dat toe hulle hul uitgebring het, sê hulle: "Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie en moenie êrens in die Yardenvallei bly staan nie. Vlug na die berge sodat jy nie vernietig word nie!"
- 18 Lot antwoord hulle: "Asseblief nie, my meesters!"
- 19 Let nou op, u kneg het guns in u oë gevind en u het u guns groot gemaak wat u aan my bewys het deur my te laat lewe, maar ek is nie in staat om na die berge te vlug sonder dat die onheil my inhaal en ek sterf nie.
- 20 Let nou op, hierdie stad is naby genoeg om daarheen te vlug en dit is klein. Laat my tog daarheen vlug (is dit nie klein nie?) sodat ek kan lewe!"
- 21 Hy sê vir hom: "Let op, ek neem jou ook in hierdie saak in guns aan sodat ek die stad waarvan jy gepraat het, nie sal omverwerp nie.
- 22 Maak gou, vlug daarheen, want ek kan niks doen voordat jy nie daar aangekom het nie." As gevolg daarvan, noem hulle die stad Tzo'ar.
- 23 Die son het oor die aarde opgekom toe Lot Tzo'ar binnegaan.
- 24 יהוה het swawel en vuur oor S'dom en `Amorah laat reën, vanaf die Teenwoordigheid van יהוה, vanuit die hemele
- 25 en Hy het hierdie stede omvergegooi en die hele Yardenvallei, ook al die inwoners van die stede en wat op die grond groei.
- 26 Sy vrou het agter hom omgekyk en sy het 'n soutpilaar geword.
- 27 Avraham is vroeg in die oggend na die plek waar hy voor die Teenwoordigheid van יהוה gestaan het
- 28 en hy het uitgekyk oor S'dom en `Amorah en oor die hele land van die Yardenvallei en hy het gesien, let op, die rook van die land gaan op soos die rook van 'n smeltoond.
- 29 Terwyl God die stede van die Yardenvallei vernietig, het God Avraham onthou en Lot uitgestuur uit die vernietiging, toe Hy die stede waar Lot gebly het, omvergewerp het.

- 30 Lot het uit Tzo'ar opgetrek en saam met sy twee dogters in die berge gaan bly, want hy was bang om in Tzo'ar te bly. Hy en sy twee dogters het in 'n grot gaan bly.
- 31 Die oudste dogter het aan die jongste gesê: "Ons vader is oud en daar is geen man in die land om, na die gewoonte van die ganse aarde, na ons toe te kom nie.
- 32 Kom, laat ons ons vader wyn gee om te drink en by hom lê sodat ons ons vader se saad lewend kan hou."
- 33 Hulle gee toe dié nag vir hulle vader wyn om te drink en die oudste het gekom en by hom gaan lê sonder dat hy geweet het wanneer sy gaan lê of wanneer sy opgestaan het.
- 34 Die volgende dag sê die oudste dogter aan die jongste: "Let op, ek het verlede nag by my vader gaan lê; laat ons hom vannag weer wyn gee om te drink; gaan dan in, lê by hom sodat ons ons vader se saad deur ons lewend kan hou."
- 35 Hulle gee toe dié nag weer vir hulle vader wyn om te drink en die jongste het opgestaan en by hom gaan lê sonder dat hy geweet het wanneer sy gaan lê of wanneer sy opgestaan het.
- 36 So het die twee dogters van Lot by hulle vader verwagting geword
- 37 en die oudste dogter het geboorte gegee aan 'n seun en hom Mo'av genoem. Hy is die vader van die Mo'aviete tot vandag toe.
- 38 Die jongste het ook geboorte gegee aan 'n seun en hom Ben-'Ammi genoem. Hy is die vader van die 'Ammoniete tot vandag toe.

- 20** 1 Avraham het daarvandaan weggetrek na die Negev en gaan bly tussen Kadesh en Shur en as besoeker in G'rar gebly.
- 2 Avraham het van Sarah, sy vrou, gesê: "Sy is my suster." Avimelekh, die koning van G'rar, het Sarah laat haal.
- 3 God het egter in die nag by Avimelekh gekom in 'n droom en vir hom gesê: "Let op, jy is dood as gevolg van die vrou wat jy gevat het, want sy is 'n getroude vrou."
- 4 Avimelekh het egter nog nie naby haar gekom nie en hy vra: "הֲלוֹא, sal U 'n opregte en onskuldige nasie ook doodmaak?"
- 5 Het hy nie self vir my gesê: 'Sy is my suster' nie en het sy nie self ook gesê: 'Hy is my broer' nie? In die onskuld van my verstand en begrip en in die reinheid van my hande het ek hierdie ding gedoen."
- 6 God het vir hom in die droom gesê: "Ja, Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou verstand en begrip gedoen het en Ekself het jou daarvan weerhou om nie teen My te sondig nie; daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie.
- 7 Gee nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet en hy sal vir jou bid sodat jy kan lewe, maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy die dood sal sterf, jy en alles wat aan jou behoort."
- 8 Avimelekh het die oggend vroeg opgestaan en al sy diensknegte geroep en al die dinge vir hulle ore gesê en die manne was baie bang.
- 9 Avimelekh het Avraham laat roep en hom gevra: "Wat het jy aan ons gedoen? Wat het ek teen jou gesondig dat jy oor my en my koninkryk 'n groot sonde gebring het? Jy het aan my gedoen wat nie gedoen mag word nie."
- 10 Avimelekh sê ook vir Avraham: "Wat het jou oorreed om hierdie daad te doen?"

- 11 Avraham antwoord: “Omdat ek gedink het dat daar geen respekvolle vrees vir God in hierdie plek is nie sodat hulle my oor my vrou sal doodmaak
- 12 en sy is ook werklik my suster; sy is my vader se dogter, maar nie my moeder se dogter nie en sy het my vrou geword.
- 13 Toe dit gebeur het dat God my uit die huis van my vader laat wegtrek het, het ek vir haar gesê: ‘Dit is die guns wat jy van jou kant aan my moet bewys: op elke plek waar ons kom, moet jy van my sê: “Hy is my broer”’.”
- 14 Toe neem Avimelekh kleinvee, beeste, slawe en slavinne en gee dit vir Avraham. Hy het ook sy vrou, Sarah, aan hom teruggegee.
- 15 Avimelekh sê: “Let op my land lê voor jou oop, bly net waar dit goed is in jou oë.”
- 16 Vir Sarah sê hy: “Let op, ek gee vir jou broer ’n duisend stukke silwer. Let op, dit is omdat jy verneder is in die oë van my mense en vir die ander dinge waaroor ek jou tereggewys het.”
- 17 Toe het Avraham tot God gebid en God het Avimelekh gesond gemaak, asook sy vrou en sy slavinne sodat hulle geboorte kon gee,
- 18 want יהוה het elke baarmoeder van die huis van Avimelekh heeltemal toegesluit ter wille van Sarah, die vrou van Avraham.
- 21** ¹ יהוה het Sarah besoek soos Hy beloof het en יהוה het aan Sarah gedoen soos Hy gesê het:
- 2 Sarah het bevrug geword en geboorte gegee aan ’n seun vir Avraham, in sy hoë ouderdom, op die bepaalde tyd wat God vir hom gesê het.
- 3 Avraham het sy seun wat vir hom gebore is, aan wie Sarah vir hom geboorte gegee het, Yitz’gak genoem.
- 4 Avraham het sy seun Yitz’gak besny toe hy agt dae oud was, soos God hom beveel het ^{Yog 7:22}
- 5 en Avraham was honderd jaar oud toe sy seun Yitz’gak vir hom gebore is.
- 6 Sarah het gesê: “’n Vreugde het God vir my gemaak; elkeen wat dit hoor, sal saam met my verheug wees.”
- 7 Sy het ook gesê: “Wie kon vir Avraham gesê het dat Sarah kinders sal borsvoed, want ek het vir hom in sy oudag geboorte gegee aan ’n seun.”
- 8 Die seun het opgegroeï en is gespeen en Avraham het ’n groot feesmaal voorberei op die dag toe Yitz’gak gespeen is.
- 9 Sarah het gesien hoe die seun van Hagar, die slavin van Mitzrayim, aan wie sy vir Avraham geboorte gegee het, spot
- 10 en sy sê vir Avraham: “Dryf hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Yitz’gak erf nie.”
- 11 Die ding was baie verkeerd in die oë van Avraham ter wille van sy seun,
- 12 maar God het aan Avraham gesê: “Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie, luister na Sarah in alles wat sy van jou verwag, want in Yitz’gak sal jou Saad genoem word en ^{Rom 9:7}
- 13 Ek sal ook die seun van die slavin tot ’n groot nasie maak omdat hy jou kind is.”

- 14 Avraham het die oggend vroeg opgestaan en hy het brood en 'n velsak met water gevat en dit vir Hagar gegee deur dit op haar skouer te sit, asook die seun en haar weggestuur. Sy het weggegaan en rondgedwaal in die wildernis van Be'er-Sh'va.
- 15 Toe die water in die velsak op was, het sy die seun onder een van die bosse ingegooi
- 16 en weggeloop en op 'n afstand gaan sit, so ver as 'n boog kan skiet, want sy het gesê: "Ek wil die dood van die seun nie sien nie." Sy het op 'n afstand gaan sit en haar stem opgelig en gehuil.
- 17 יְהוָה het die stem van die seun gehoor en die boodskapper van God het na Hagar uitgeroep uit die hemele en haar gevra: "Wat is dit met jou, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.
- 18 Staan op, tel die seun op en ondersteun hom met jou hand, want Ek sal van hom 'n groot nasie maak."
- 19 God het haar oë oopgemaak en sy het 'n put met water gesien en sy het geloop en die velsak vol water gemaak en die seun laat drink.
- 20 God was met die seun en hy het opgegroeï en in die wildernis gebly en 'n boogskutter geword.
- 21 Hy het in die wildernis van Pa'ran gebly en sy moeder het vir hom 'n vrou uit Mitzrayim gevat.
- 22 In dié tyd het Avimelekh en Pikhoh, die bevelvoerder van sy leër, met Avraham gepraat en gesê: "God is met jou in alles wat jy doen.
- 23 Sweer daarom nou vir my hier by God dat jy met my, my kinders en met my nageslag nie vals sal optree nie. Dieselfde guns wat ek jou bewys het, moet jy aan my bewys en aan die land waarin jy as gas bly."
- 24 Avraham antwoord: "Ek sal sweer."
- 25 Avraham het Avimelekh egter aangespreek oor 'n put wat die diensknegte van Avimelekh met geweld gevat het.
- 26 Avimelekh antwoord: "Ek weet nie wie dit gedoen het nie, jy het dit ook nie vir my gesê nie en ek het ook niks daarvan gehoor nie, behalwe vandag."
- 27 Toe vat Avraham kleinvee en beeste en gee dit vir Avimelekh en hulle twee het 'n verbond gesluit.
- 28 Avraham het sewe oilammers uit die kleinvee eenkant afgesonder.
- 29 Avimelekh sê vir Avraham: "Wat beteken hierdie sewe oilammers wat jy afgesonder het?"
- 30 Hy antwoord: "Die sewe oilammers moet jy uit my hand aanvaar sodat dit vir my 'n getuïenis kan wees dat ek hierdie put gegrawe het."
- 31 Hulle noem daarom dié plek Be'er-Sh'va omdat hulle twee daar 'n eed gesweer het.
- 32 So het hulle dan 'n verbond gesluit in Be'er-Sh'va. Daarna het Avimelekh en Pikhoh, die bevelvoerder van sy leër, opgestaan en na die land van die F'lishtyne teruggegaan.
- 33 Hy het 'n tamarisk in Be'er-Sh'va geplant en daar die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה, El-'Olam (die ewige Magtige God), aangeroep.
- 34 Avraham het vir 'n lang tyd as gas in die land van die F'lishtyne gebly.

- 22** 1 Ná hierdie dinge het God Avraham getoets en vir hom gesê: “Avraham!” Hy antwoord: “Hier is ek!”
- 2 Hy sê: “Neem nou jou seun, jou uniek enigste wat jy lief het, Yitz’gak en gaan na die land Moriyah en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal uitwys.”
- 3 Avraham het die oggend vroeg opgestaan, sy donkie opgesaal en twee van sy jong diensknegte en sy seun Yitz’gak saam met hom gevat. Hy het hout gekloof vir ’n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat God hom uitgewys het.
- 4 Op die derde dag slaan Avraham sy oë op en sien die plek van ver af
- 5 en Avraham sê vir sy jong diensknegte: “Bly julle hier met die donkie; ek en die seun sal daarheen gaan om te aanbid en ons sal dan na julle toe terugkom.”
- 6 Avraham het die hout vir die brandoffer gevat en dit op sy seun Yitz’gak gesit en die vuur en die mes in sy hand gevat en hulle twee het saam geloop.
- 7 Toe praat Yitz’gak met sy vader Avraham en sê: “My vader!” Hy antwoord: “Hier is ek, my seun!” Hy sê: “Let op, die vuur en die hout, maar waar is die lam vir ’n brandoffer?”
- 8 Avraham antwoord: “God sal vir Homself die lam vir ’n brandoffer voorsien, my seun.” So het hulle twee saam geloop.
- 9 Hulle het op die plek wat God vir hom uitgewys het gekom en Avraham het ’n altaar daar gebou en die hout reggesit en sy seun Yitz’gak vasgebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.
- 10 Avraham het sy hand uitgesteek en die mes gevat om sy seun dood te maak.
- 11 Die boodskapper van יהוה het van die hemele af na hom geroep en gesê: “Avraham, Avraham!” Hy antwoord: “Hier is ek!”
- 12 Hy sê: “Moenie jou hand aan die seun slaan of enige iets aan hom doen nie, want nou weet Ek dat jy God respekvol vrees omdat jy nie jou seun, jou uniek enigste, van My teruggehou het nie.”
- 13 Avraham het sy oë opgeslaan en ’n ram gesien wat agter hom in ’n bos aan sy horings vasgesit het. Avraham het gegaan en die ram gevat en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.
- 14 Avraham het dié plek: יִרְעָה-Yir’eh genoem sodat vandag nog gesê word: ‘Op die berg van יהוה sal dit voorsien word (sal Hy daarna kyk).’
- 15 Die boodskapper van יהוה roep vir die tweede keer van die hemel af na Avraham
- 16 en sê: “‘Ek het by Myself gesweer,’ sê יהוה, ‘omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou uniek enigste, teruggehou het nie
- 17 sal Ek jou in seëninge seën en jou nageslag in vermeerdering vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is en jou nageslag sal die poorte van hul vyande in besit neem
- 18 en in jou Saad ^{Gen 3:15} sal al die nasies van die aarde geseën word omdat jy My stem gehoorsaam het. ^{Hand 3:25; Gal 3:8,16}
- 19 Avraham het na sy jong diensknegte toe teruggekeer en hulle het opgestaan en saam na Be’er-Sh’va gegaan en Avraham het in Be’er-Sh’va gebly.

20 Ná hierdie dinge het hulle aan Avraham berig gebring en gesê: “Let op, Milkah het ook geboorte gegee aan seuns vir jou broer Nagor:

21 `Utz, sy eersgeborene, Buz, sy broer, K'mu'el, die vader van Aram,

22 Kesed, Hazo, Pildash, Yidlaf en B'tu'el.

23 B'tu'el was die vader van Rivkah. Milkah het aan hierdie agt geboorte gegee vir Nagor, die broer van Avraham.

24 Sy byvrou, met die naam van Re'umah, het ook geboorte gegee aan Tevag, Gagam, Tagash en Ma'akhah.

23 1 Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah.

2 Sarah is dood in Kiryat-Arba (dorp van die reuse), dit is Hevron, in die land Kena'an en Avraham het gekom om oor Sarah te rou en oor haar te huil.

3 Avraham het opgestaan van voor die lyksdraagbaar van sy dooie en met die seuns van Het gepraat en gesê:

4 “Ek is 'n vreemdeling en 'n gas onder julle. Gee vir my 'n stuk land by julle as graf sodat ek die dooie van voor my sig af weg kan begrawe.”

5 Toe antwoord die seuns van Het vir Avraham en sê vir hom:

6 “Luister na ons, my meester! U is 'n heerser van God onder ons. Begrawe u dooie in die beste graf wat ons het. Niemand van ons sal u sy graf weier om u dooie te begrawe nie.”

7 Avraham het opgestaan en hom voor die mense van die land neergebuig, voor die seuns van Het

8 en hy het met hulle gepraat en gesê: “As julle dit goed vind dat ek my dooie van voor my sig af weg begrawe, luister dan na my en doen vir my 'n goeie woord by `Efron, die seun van Tzogar

9 sodat hy aan my die spelonk van Makhpela, wat aan hom behoort, gee wat aan die end van sy veld lê. Laat hy dit vir die volle som aan my gee dat ek 'n graf onder julle mag besit.”

10 `Efron het tussen die seuns van Het gesit. Toe antwoord `Efron, die Hetiet, Avraham voor die ore van die seuns van Het, van almal wat in die poort van sy stad ingegaan het:

11 “Nee, my meester, luister na my. Ek gee die veld vir u en die grot wat daarin is, voor die oë van die seuns van my volk gee ek dit aan u. Begrawe u dooie.”

12 Avraham het hom voor die volk van die land neergebuig

13 en met `Efron gepraat voor die ore van die volk van die land: “As u die veld vir my wil gee, luister na my! Ek gee die geld vir die veld. Vat dit van my sodat ek my een wat dood is daar kan begrawe.”

14 `Efron het Avraham geantwoord en vir hom gesê:

15 “My meester, luister na my. Die veld is vier honderd sikkels silwer werd. Wat is dit tussen my en u? Begrawe maar u dooie.”

16 Avraham het geluister na `Efron en Avraham het aan `Efron die geld afgeweeg waarvan hy gepraat het voor die ore van die seuns van Het: vier honderd sikkels silwer; ruilmiddel van die handelaars.

- 17 So is die veld van 'Efron wat in Makhpela teenoor Mamre lê, die veld, die grot wat daarin is en al die bome op die veld wat tussen die grense daarvan staan,
 18 aan Avraham, as eiendom verkoop voor die oë van die seuns van Het, voor almal wat in die poort van sy stad ingegaan het.
 19 Daarna het Avraham sy vrou Sarah begrawe in die grot op die stuk grond van Makhpela, oos van Mamre, dit is Hevron, in die land Kena'an.
 20 So is die veld en die grot wat daarin was, deur die seuns van Het, aan Avraham verkoop, as eiendom vir 'n graf.

- 24** 1 Avraham was nou oud en ver gevorderd in jare en יהוה het Avraham in alles geseën.
 2 Toe sê Avraham aan sy dienskneg, die oudste van sy huis, wat geheers het oor al sy goed: "Lê jou hand onder my bobeen
 3 en ek sal jou laat sweer by יהוה, die God van die hemele en die God van die aarde dat jy vir my seun geen vrou sal neem uit die dogters van die Kena'aniete onder wie ek bly nie, Eks 34:16; Deut 7:3; Neg 10:30
 4 maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Yitz'gak 'n vrou te vat."
 5 Toe sê die dienskneg vir hom: "Miskien sal die vrou nie gewillig wees om my te volg na hierdie land nie. Moet ek u seun dan terugvat na die land waaruit u weggetrek het?"
 6 Avraham antwoord hom: "Maak seker dat jy my seun nie daarheen terugvat nie.
 7 יהוה, die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggevat het en wat met my gepraat en vir my gesweer het met die woorde: 'Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee;' Hy sal Sy boodskapper voor jou uitstuur en jy moet vir my seun daar 'n vrou gaan haal,
 8 maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy vry van hierdie eed aan my. Jy moet net nie my seun daarheen terugvat nie."
 9 Toe lê die dienskneg sy hand onder die bobeen van Avraham, sy meester en hy het vir hom gesweer aangaande hierdie saak.
 10 Die dienskneg het tien kamele vanuit die kamele van sy meester gevat en weggegaan. Al die rykdom van sy meester was in sy hand: hy het opgestaan en na Aram-Naharayim (Mesopotamië), na die stad van Nagor, vertrek.
 11 Hy het teen sonsondergang die kamele laat neerkniel buitekant die stad by 'n waterput, op die tyd dat die vroue uitgaan om water te skep
 12 en gesê: "O, יהוה, God van Avraham, my meester, laat ek haar tog vandag ontmoet en bewys guns aan Avraham, my meester.
 13 Let op, ek staan hier by die fontein en die dogters van die manne van die stad kom uit om water te skep.
 14 Laat dit nou wees dat die jong vrou aan wie ek sal sê: 'Laat sak jou kruik sodat ek kan drink' en sy antwoord: 'Drink en ek sal ook u kamele laat drink;' laat sy die een wees wat U aangestel het vir U dienskneg Yitz'gak en daaraan sal ek weet dat U guns aan my meester bewys het."

- 15 Hy het nog nie klaar gepraat nie, of Rivkah, wat vir B'tu'el, die seun van Milkah, die vrou van Nagor, Avraham se broer, gebore is, kom uit met haar kruik op haar skouer.
- 16 Die jong vrou was baie mooi van aansien, 'n maagd, geen man het 'n intieme verhouding met haar gehad nie en sy het afgegaan na die fontein toe, haar kruik volgemaak en weer opgekom.
- 17 Die dienaar hardloop om haar te ontmoet en sê: "Laat my asseblief 'n bietjie water uit jou kruik drink."
- 18 Sy antwoord: "Drink, my meester!" Toe laat sy vinnig haar kruik op haar hand afsak en gee vir hom om te drink.
- 19 Nadat sy hom genoeg laat drink het, sê sy: "Ek sal vir u kamele ook skep totdat hulle genoeg gedrink het."
- 20 Sy het dadelik haar kruik in die drinkbak leeggemaak en weer na die put gehardloop om te skep en vir al sy kamele geskep.
- 21 Die man het haar stil aangekyk om te weet of יהוה sy pad voorspoedig gemaak het of nie.
- 22 Toe die kamele genoeg gedrink het, vat die man 'n goue ring, 'n half sikkels in gewig en twee armbande vir haar hande, tien sikkels goud in gewig
- 23 en hy sê: "Wie se dogter is jy? Vertel my asseblief. Is daar plek vir ons in die huis van jou vader om te oornag?"
- 24 Sy antwoord hom: "Ek is die dogter van B'tu'el, die seun van Milkah, wat vir Nagor gebore is."
- 25 Sy sê ook vir hom: "Daar is ook genoeg strooi en voer by ons, asook plek om te oornag."
- 26 Die man buig sy kop af en gaan lê plat op die grond voor יהוה
- 27 en hy sê: "Geseënd is יהוה, die God van Avraham, my meester, wat Sy omgee en Sy waarheid nie aan my meester teruggehou het nie. Wat my betref, יהוה het my op die pad gelei na die huis van die broer van my meester."
- 28 Die dogter het gehardloop en hierdie dinge in die huis van haar moeder gaan vertel.
- 29 Rivkah het 'n broer gehad met die naam van Lavan en Lavan het uitgehardloop na die man buite by die fontein.
- 30 Dit het gebeur toe hy die ring en die armbande aan die hande van sy suster sien en die woorde van sy suster Rivkah hoor, naamlik: 'So het die man met my gepraat,' dat hy na die man gegaan het terwyl hy nog daar by die kamele by die fontein gestaan het
- 31 en gesê: "Kom in, geseënde van יהוה! Waarom staan jy buitekant? Ek het die huis voorberei en ook plek vir die kamele."
- 32 Die man het in die huis ingekom; die kamele is afgesaa en strooi en voer gegee en water om sy voete te was en die voete van die manne wat by hom was.
- 33 Kos is voor hom neergesit om te eet, maar hy het gesê: "Ek sal nie eet voordat ek my saak gestel het nie." Hy antwoord: "Praat."
- 34 Hy het gesê: "Ek is die dienskneg van Avraham

- 35 en יְהוָה het my meester baie geseën sodat hy groot geword het en aan hom kleinvee, beeste, silwer, goud, slawe, slavinne, kamele en esels gegee het.
- 36 Sarah, die vrou van my meester, het vir my meester geboorte gegee aan 'n seun nadat sy al oud was en hy het alles aan hom oorgegee wat hy besit.
- 37 My meester het my laat sweer en gesê: 'Jy moet vir my seun geen vrou neem uit die dogters van die Kena'aniëte in wie se land ek bly nie,
- 38 maar jy moet gaan na die huis van my vader en na my familie en vir my seun 'n vrou gaan haal.'
- 39 Ek het toe vir my meester gesê: 'Miskien sal die vrou my nie volg nie,'
- 40 maar hy het my geantwoord: 'יְהוָה, voor Wie ek loop, sal Sy boodskapper saam met jou stuur en Hy sal jou pad voorspoedig maak sodat jy vir my seun 'n vrou uit my familie en uit die huis van my vader kan gaan haal.
- 41 Jy sal vry wees van die eed aan my as jy by my familie kom en hulle haar nie aan jou wil gee nie; dan is jy vry van die eed aan my.'
- 42 Ek het toe vandag by die fontein gekom en gesê: 'יְהוָה, God van Avraham, my meester, as U nou my pad waarop ek gaan, voorspoedig wil maak,
- 43 let op, ek staan hier by die fontein. Laat dit nou asseblief gebeur: die maagd wat uitkom om te skep en aan wie ek sal sê: 'Laat my tog 'n bietjie water uit jou kruik drink'
- 44 en wat my sal antwoord: 'Drink u self en ek sal ook vir u kamele skep,' sy is die vrou wat יְהוָה vir die seun van my meester aangestel het.'
- 45 Ek het nog nie klaar in my binneste gepraat nie of Rivkah het daar uitgekome met haar kruik op die skouer en na die fontein afgegaan en geskep en ek het vir haar gesê: 'Laat my asseblief drink!'
- 46 Sy het dadelik haar kruik laat afsak en gesê: 'Drink en ek sal u kamele ook laat drink' en ek het gedrink en sy het ook die kamele laat drink.
- 47 Toe vra ek vir haar en sê: 'Wie se dogter is jy?' en sy antwoord: 'Die dogter van B'tu'el, die seun van Nagor waaraan Milkah geboorte gegee het.' Daarop het ek die ring aan haar neus gesit en die armbande aan haar hande
- 48 en ek het my neergebuig en voor יְהוָה plat gaan lê en יְהוָה, die God van Avraham, my meester, geloof, wat my op die regte pad gelei het om die dogter van my meester se broer vir sy seun te gaan haal.
- 49 As julle nou omgee en waarheid aan my meester wil bewys, sê dit vir my of so nie, sê dit vir my sodat ek regs of links kan draai."
- 50 Toe antwoord Lavan en B'tu'el en sê: "Hierdie saak kom vanuit יְהוָה. Ons kan niks kwaad of goed daarvan sê nie.
- 51 Let op, Rivkah staan voor jou, vat haar en gaan sodat sy 'n vrou kan wees vir die seun van jou meester, soos יְהוָה gesê het."
- 52 Toe die dienskneg van Avraham hulle woorde hoor, het hy self voor יְהוָה gaan plat lê.
- 53 Daarna het die dienskneg artikels van silwer en van goud en klere uitgehaal en dit vir Rivkah gegee, asook kosbare geskenke aan haar broer en haar moeder.
- 54 Hulle het geëet en gedrink, hy en die manne wat by hom was en die nag oorgebly. Hy het die oggend vroeg opgestaan en gesê: "Stuur my weg na my meester!"

- 55 Haar broer en haar moeder sê: “Laat die dogter ’n dag of tien by ons bly; daarna kan jy weggaan.”
- 56 Hy antwoord hulle: “Moet my nie ophou nie, aangesien ^{וַיִּהְיֶה} my pad voorspoedig gemaak het; laat my gaan sodat ek na my meester kan gaan.”
- 57 Toe sê hulle: “Laat ons die dogter roep en haar self vra.”
- 58 Hulle het Rivkah geroep en haar gevra: “Wil jy saam met hierdie man gaan?” Sy antwoord: “Ja.”
- 59 Hulle het Rivkah, hulle suster en haar versorger saam met Avraham se dienskneg en sy manne weggestuur.
- 60 Hulle het Rivkah geseën en vir haar gesê: “Ons suster, mag jy die moeder van duisende van tien duisende word en mag jou nageslag die poorte van dié wat hulle haat in besit neem!”
- 61 Rivkah en haar diensmeisies het opgestaan en op die kamele weggeroy en die man gevolg. So het die dienskneg Rivkah saamgevat en weggegaan.
- 62 Yitz’gak het uit die rigting van Be’er-Lagai-Ro’i gekom, want hy het in die Negev gaan bly.
- 63 Yitz’gak het teen sonsondergang in die veld uitgegaan om te oordink en hy het sy oë opgeslaan en let op, daar kom kamele.
- 64 Rivkah het ook haar oë opgeslaan en Yitz’gak gesien en van haar kameel afgegely,
- 65 want sy het aan die dienskneg gevra: “Watter man is dit wat ons in die veld tegemoet loop?” Die dienskneg antwoord: “Dit is my meester.” Toe neem sy ’n sluier en maak haarself toe.
- 66 Die dienskneg het vir Yitz’gak alles vertel wat hy gedoen het.
- 67 Yitz’gak het haar in die tent van sy moeder, Sarah, ingebring en Rivkah gevat en sy het sy vrou geword en hy het haar liefgehad. Sô is Yitz’gak vertroos ná die dood van sy moeder.

25 1 Avraham het weer ’n vrou gevat en haar naam was K’turah.

2 Sy het vir hom geboorte gegee aan Zimran, Yokshan, Medan, Midyan, Yishbak en Shuag.

3 Yokshan was die vader van Sh’va en D’dan en die seuns van D’dan was die Ashuriete, L’tushiete en L’umiete.

4 Die seuns van Midyan was: `Eifah, `Efer, Hanokh, Avida en Elda’ah. Hulle almal was seuns van K’turah.

5 Avraham het alles wat hy besit het aan Yitz’gak gegee,

6 maar aan die seuns van die byvroue van Avraham het Avraham geskenke gegee en terwyl hy nog lewe, het hy hulle van sy seun Yitz’gak af ooswaarts laat wegtrek, na Kedem.

7 Hierdie is die dae van die lewensjare van Avraham wat hy geleef het: honderd vyf en sewentig jaar.

8 Avraham het die asem uitgeblaas en is dood in ’n goeie ouderdom, ’n ou man vol van jare en hy is by sy volksgenote versamel.

9 Sy seuns Yitz’gak en Yishma’el het hom begrawe in die grot van Makhpelah, in die veld van `Efron, die seun van Tzogar, die Hetiet, wat oos van Mamre lê,

- 10 die veld wat Avraham van die seuns van Het gekoop het. Avraham is daar begrawe saam met sy vrou Sarah.
- 11 Ná die dood van Avraham het God sy seun Yitz'gk geseën en Yitz'gk het by Be'er-Lagai-Ro'i gebly.
- 12 Dit is die stamboom van Yishma'el, die seun van Avraham, wat vir Avraham by Hagar, die Mitzrayimitiese slavin van Sarah, gebore is.
- 13 Dit is die name van die seuns van Yishma'el, hulle name volgens hulle geboorte: die eersgeborene van Yishma'el, N'vayot; dan: Kedar, Adbe'el, Mivsam,
- 14 Mishma, Dumah, Massa,
- 15 Hadad, Teima, Y'tur, Nafish en Kedmah.
- 16 Hierdie is die seuns van Yishma'el en dit hulle name, volgens hulle dorpe en kastele; twaalf heersers volgens hulle nasies.
- 17 Dit is die lewensjare van Yishma'el: honderd sewe en dertig jaar en hy het die asem uitgeblaas en is dood en hy is by sy volksgenote versamel.
- 18 Hulle het gaan bly vanaf Havilah tot by Shur wat oos van Mitzrayim lê, in die rigting van Ashur. Hy het naby al sy broers gaan bly.
- 19 Dit is die geskiedenis van Yitz'gk, die seun van Avraham: Avraham was die vader van Yitz'gk
- 20 en Yitz'gk was veertig jaar oud toe hy Rivkah, die dogter van B'tu'el, die Arameër uit Paddan-Aram, die suster van Lavan, die Arameër, vir hom as vrou gevat het.
- 21 Yitz'gk het gebid tot יהוה namens sy vrou, want sy was onvrugbaar en יהוה het sy gebed verhoor sodat sy vrou Rivkah swanger geword het.
- 22 Die seuns het teen mekaar baklei binne-in haar. Toe sê sy: "As dit reg is so, hoekom leef ek?" Sy het gegaan om יהוה te vra
- 23 en יהוה het haar geantwoord: "Twee nasies is in jou baarmoeder en twee volke sal geskei word vanuit jou liggaam en die een volk sal sterker wees as die ander volk en die oudste sal die jongste dien." » Rom 9:12
- 24 Let op, toe haar dae volledig was dat sy moes geboorte gee, was daar 'n tweeling in haar baarmoeder.
- 25 Die eerste een is gebore: rooi, soos 'n volledige kleed van hare en hulle het hom 'Esav genoem.
- 26 Daarna is sy broer gebore terwyl sy hand die hakskeen van 'Esav vashou en hulle het hom Ya'akov genoem. Yitz'gk was sestig jaar oud by hulle geboorte.
- 27 Die seuns het opgegroeï: 'Esav was 'n ervare jagter, 'n man van die veld, maar Ya'akov was 'n sagte, vredevolle man wat in tente gebly het.
- 28 Yitz'gk het 'Esav liefgehad, want wildsvleis was na sy smaak, maar Rivkah het Ya'akov liefgehad.
- 29 Ya'akov het 'n kooksel voorberei en 'Esav het moeg uit die veld gekom.
- 30 'Esav sê vir Ya'akov: "Laat my asseblief van die rooi goed afsluk, want ek is moeg." Hulle het hom Edom genoem.
- 31 Ya'akov antwoord: "Verkoop vandag jou eersgeboortereg aan my."
- 32 'Esav sê: "Let op, ek gaan dood en wat sal die eersgeboortereg dan vir my beteken?"

33 Ya'akov antwoord: "Sweer eers vir my" en hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Ya'akov verkoop.

34 Ya'akov het aan 'Esav brood en die gekookte lensies gegee en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het 'Esav sy eersgeboortereg geminaag.

26 1 Daar was hongersnood in die land, buiten die eerste hongersnood wat in die dae van Avraham was en Yitz'gag het na Avimelekh, die koning van die F'lishtyne, na G'rar getrek.

2 יהוה het aan hom verskyn en gesê: "Moenie aftrek in Mitzrayim in nie; bly in die land wat Ek vir jou sal wys.

3 Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het

4 en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees

5 omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het." ^{Hand 3:25}

6 Yitz'gag het in G'rar gebly.

7 Die manne van die plek het hom na sy vrou gevra en hy antwoord: "Sy is my suster." Hy was bang om te sê: "My vrou," anders sal die manne van die plek, so het hy gedink, hom miskien doodmaak ter wille van Rivkah, want sy was mooi om na te kyk.

8 Nadat hy al 'n lang tyd daar was, het dit so gebeur dat Avimelekh, die koning van die F'lishtyne, deur die venster uitkyk en sien hoedat Yitz'gag met Rivkah, sy vrou, speel

9 en Avimelekh het Yitz'gag geroep en gesê: "Let op, sy is sekerlik jou vrou! Hoekom het jy dan verklaar: sy is my suster?" Yitz'gag antwoord hom: "Omdat ek gedink het dat ek miskien om haar ontwil doodgemaak sal word."

10 Avimelekh sê: "Wat is hierdie wat jy ons aangedoen het? Hoe maklik kon een van die mense by jou vrou gelê het en jy skuld oor ons gebring het!"

11 Avimelekh het bevel gegee aan die hele volk en gesê: "Wie hierdie man of sy vrou aanraak, sal die dood sterf."

12 Yitz'gag het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig ingebring, want יהוה het hom geseën.

13 Die man het ryk geword en altyddeur gegroei in rykdom totdat hy uitermate ryk was.

14 Hy het troppe kleinvee en beeste besit en baie bediendes sodat die F'lishtyne jaloers was op hom.

15 Die F'lishtyne het al die putte wat sy vader se diensknegte in die dae van sy vader Avraham gegrawe het, toegestop en met grond opgevul.

16 Avimelekh sê vir Yitz'gag: "Gaan weg van ons af, want jy het magtiger as ons geword."

17 Daarop het Yitz'gag weggetrek van daar en sy tent opgeslaan in die vallei van G'rar en daar gebly.

- 18 Yitz'gag het die waterputte weer oopgegrawe wat hulle in die dae van sy vader Avraham gegrawe het en wat die F'lishtyne ná die dood van Avraham toegestop het en dit genoem volgens die name wat sy vader daaraan gegee het.
- 19 Yitz'gag se diensknegte het ook in die dal gegrawe en daar 'n put met vars water gevind.
- 20 Die herders van G'rar het gestry met die herders van Yitz'gag en gesê: "Dit is óns water." Hy het die put daarom 'Esek genoem omdat hulle met hom gestry het.
- 21 Hulle het 'n ander put gegrawe en daaroor het hulle ook gestry; daarom het hy dit Sitnah genoem.
- 22 Hy het vandaar verskuif en 'n ander put gegrawe en daaroor is nie getwis nie; daarom het hy dit Regovot genoem en gesê: "Want nou het יהוה vir ons groot plek gemaak en kan ons vrugbaar wees in die land."
- 23 Hy het vandaar af opgetrek na Be'er-Sh'va.
- 24 יהוה het in dieselfde nag aan hom verskyn en gesê: "Ek is die God van Avraham, jou vader. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou en Ek sal jou seën en jou nageslag vermeerder ter wille van my dienskneg, Avraham."
- 25 Toe bou hy daar 'n altaar en hy het die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aangeroep en sy tent daar opgeslaan en die diensknegte van Yitz'gag het daar 'n put gegrawe.
- 26 Toe kom Avimelekh vanaf G'rar na hom toe, saam met Aguzat, sy vriend en Pikhol, die bevelvoerder van sy leër.
- 27 Yitz'gag het hulle gevra: "Waarom het julle na my toe gekom terwyl julle my haat en my van julle af weggestuur het?"
- 28 Toe antwoord hulle: "Ons het duidelik gesien dat יהוה met jou is; daarom het ons gedink: laat daar nou 'n eed wees tussen ons, tussen ons en jou en laat ons 'n verbond met jou sluit:
- 29 jy moet ons geen boosheid aandoen nie, net soos ons jou nie aangeraak en aan jou niks anders as goed gedoen het nie en jou in vrede weggestuur het. Jy is nou die geseënde van יהוה."
- 30 Hy het vir hulle 'n feesmaal voorberei en hulle het geëet en gedrink.
- 31 Hulle het die oggend vroeg opgestaan en het 'n eed teenoor mekaar gesweer. Yitz'gag het hulle laat gaan en hulle het in vrede van hom af weggegaan.
- 32 Dit het op dieselfde dag wat die diensknegte van Yitz'gag gekom en hom vertel het van die put wat hulle gegrawe het en vir hom gesê het: "Ons het water gekry," gebeur.
- 33 Hy het dit Shiv'ah genoem; daarom is die naam van die stad Be'er-Sh'va tot vandag toe.
- 34 Toe 'Esav veertig jaar oud was, het hy Y'hudit, die dogter van Be'eri, die Hetiet en Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet vir hom as vroue gevat
- 35 en hulle was vir Yitz'gag en Rivkah 'n gees van bitterheid.

- 27** 1 Dit het gebeur dat toe Yitz'gag oud geword het en sy oë so swak was dat hy nie kon sien nie, hy sy oudste seun 'Esav geroep en vir hom gesê het: "My seun!" Hy het hom geantwoord: "Hier is ek!"
- 2 Hy sê: "Let op, ek is nou oud en ek ken nie die dag van my dood nie.
- 3 Vat nou asseblief dadelik jou wapens, jou pylkoker en jou boog en gaan uit in die veld, jag vir my kos
- 4 en berei vir my 'n smaakvolle ete voor soos ek daarvan hou en bring dit vir my om te eet sodat my gees, liggaam, wil en verstand jou kan seën voordat ek sterf."
- 5 Rivkah het gehoor terwyl Yitz'gag met sy seun 'Esav praat en 'Esav het na die veld gegaan om wild te jag en dit te bring.
- 6 Rivkah het met haar seun Ya'akov gepraat: "Let op, ek het jou vader met jou broer 'Esav hoor praat en sê:
- 7 'Bring vir my wild en maak vir my 'n smaaklike ete dat ek kan eet en jou kan seën voor die Teenwoordigheid van יהוה, voor my dood.'
- 8 My seun, gehoorsaam daarom my stem, wat ek jou beveel.
- 9 Gaan nou na die kleinvee en gaan haal vir my twee goeie boklammers dat ek vir jou vader daarvan 'n smaaklike ete kan maak, soos hy daarvan hou
- 10 en jy sal dit vir jou vader vat sodat hy kan eet en hy jou kan seën voor sy dood."
- 11 Ya'akov sê vir sy moeder Rivkah: "Let op, my broer 'Esav is 'n harige man en ek is 'n gladde man.
- 12 Miskien sal my vader oor my voel en ek sal in sy oë wees soos 'n misleier en 'n vloek oor my bring en nie 'n seën nie."
- 13 Sy moeder antwoord hom: "Laat jou vloek op my wees, my seun! Gehoorsaam net my stem en gaan haal dit vir my."
- 14 Hy het dit gaan haal en na sy moeder gebring en sy moeder het daarvan 'n smaaklike ete gemaak soos sy vader daarvan hou.
- 15 Rivkah vat ook die beste klere van 'Esav, haar oudste seun, wat by haar in die huis was en sy trek dit vir Ya'akov, haar jongste seun, aan
- 16 en die velle van die bokkies trek sy oor sy hande en oor die gladde deel van sy nek
- 17 en sy gee die smaaklike ete en die brood wat sy gemaak het, in die hand van Ya'akov, haar seun.
- 18 Hy kom by sy vader en sê: "My vader!" Hy antwoord: "Hier is ek! Wie is jy, my seun?"
- 19 Ya'akov sê aan sy vader: "Ek is 'Esav, u eersgeborene. Ek het gedoen soos u my beveel het. Sit asseblief regop en eet van my wildsvleis dat u gees, liggaam, wil en verstand my kan seën."
- 20 Yitz'gag het egter aan sy seun gesê: "Hoe het jy dit so gou gekry, my seun?" Hy antwoord: "Omdat יהוה, u God, dit na my toe laat kom het."
- 21 Yitz'gag sê vir Ya'akov: "Kom asseblief nader dat ek aan jou kan voel, my seun, of jy waarlik my seun 'Esav is of nie."
- 22 Ya'akov het nader gekom na sy vader Yitz'gag en hy het aan hom gevoel en gesê: "Die stem is Ya'akov se stem, maar die hande is 'Esav se hande."

- 23 Hy het hom nie herken nie omdat sy hande harig was soos sy broer 'Esav se hande en hy het hom geseën.
- 24 Hy het gevra: "Is jy werklik my seun 'Esav?" En hy het geantwoord: "Ja."
- 25 Hy sê: "Bring dit vir my nader dat ek van die wildsvleis van my seun kan eet sodat my gees, liggaam, wil en verstand jou kan seën." Hy het dit vir hom nader gebring en hy het geëet. Hy het ook vir hom wyn gebring en hy het gedrink.
- 26 Sy vader Yitz'gk sê vir hom: "Kom nou nader en soen my, my seun!"
- 27 Hy het nader gekom en hom gesoen en hy ruik die geur van sy klere en hy seën hom en sê: "Let op, die geur van my seun is soos die geur van die veld wat ירוה geseën het;
- 28 daarom gee God jou van die dou van die hemel en van die vet van die grond van die aarde en oorvloed van graan en druiwesap.
- 29 Volke sal jou dien en nasies sal voor jou neerbuig. Wees 'n heerser oor jou broers en laat die seuns van jou moeder voor jou neerbuig. Vervloek is elkeen wat jou vloek en geseënd is hulle wat jou seën."
- 30 Dit het so gebeur dat, net toe Yitz'gk Ya'akov klaar geseën het en Ya'akov nog skaars uit die teenwoordigheid van sy vader Yitz'gk weggegaan het, sy broer 'Esav van die jag af gekom
- 31 en ook 'n smaaklike ete voorberei en dit na sy vader gebring en aan sy vader gesê het: "Laat my vader regop sit en eet van die wildsvleis van sy seun sodat u gees, liggaam, wil en verstand my kan seën."
- 32 Sy vader Yitz'gk vra hom: "Wie is jy?" Hy antwoord: "Ek is u seun 'Esav, u eersgeborene."
- 33 Yitz'gk het gebewe van angs en groot vrees en gesê: "Wie is die een wat wild gejag en vir my gebring het? Ek het alles geëet voordat jy gekom het en hom geseën en hy sal geseënd bly!"
- 34 Toe 'Esav die woorde van sy vader hoor, skree hy met 'n uitermate harde en bitter uitroep en hy sê vir sy vader: "Seën my; vir my ook, o my vader!"
- 35 Hy antwoord: "Jou broer het met misleiding gekom en jou seën weggevat."
- 36 'Esav sê: "Word hy nie na regte Ya'akov genoem omdat hy my nou twee keer onderkruip het nie? Hy het my eersgeboortereg gevat en let op, hy het nou my seën gevat!" Hy vra: "Het u geen seën vir my oorgehou nie?"
- 37 Yitz'gk antwoord en sê vir 'Esav: "Let op, ek het hom heerser oor jou gemaak en aan hom al sy broers as diensknegte gegee en ek het hom met graan en druiwesap onderhou. Wat kan ek nou vir jôu doen, my seun?"
- 38 'Esav vra vir sy vader: "Het u net een seën, my vader? Seën my; my ook, o my vader!" 'Esav het sy stem opgelig en gehuil.
- 39 Sy vader Yitz'gk antwoord en sê vir hom: "Let op, jou blyplek sal wees in die vetheid van die aarde en in die dou van die hemel daarbo.
- 40 Jy sal deur jou swaard leef en jy sal jou broer dien, maar dit sal gebeur dat as jy rusteloos raak, jy sy juk van jou nek af sal breek."
- 41 'Esav het Ya'akov gehaat as gevolg van die seën waarmee sy vader hom geseën het en 'Esav het in sy binneste gedink: "Die dae van rou oor my vader is naby, dan sal ek my broer Ya'akov doodmaak."

- 42 Die woorde van 'Esav, haar oudste seun, is vir Rivkah vertel en sy stuur en laat Ya'akov, haar jongste seun, roep en sê vir hom: "Let op, jou broer 'Esav sal hom op jou wreek en jou doodmaak.
- 43 My seun, gehoorsaam nou my stem: staan op, vlug na Haran, na my broer Lavan
- 44 en bly 'n rukkie by hom tot die woede van jou broer wegdraai,
- 45 tot die toorn van jou broer teen jou wegdraai en hy vergeet het wat jy aan hom gedoen het. Dan sal ek stuur en jou daar laat haal. Waarom moet ek julle altwee op een dag verloor?"
- 46 Rivkah sê vir Yitz'gak: "Ek is moeg vir my lewe vanweë die dogters van Het. As Ya'akov 'n vrou neem uit die dogters van Het, soos hulle is, uit die dogters van die land, watter lewe is dit vir my?"
- 28** 1 Yitz'gak het Ya'akov geroep en hom geseën en hy het hom bevel gegee en gesê: "Jy mag nie 'n vrou vat uit die dogters van Kena'an nie. Eks 34:16; Deut 7:3; Neg 10:30
- 2 Staen op, gaan na Paddan-Aram, na die huis van B'tu'el, jou moeder se vader en gaan haal vir jou daar 'n vrou uit die dogters van Lavan, jou moeder se broer.
- 3 Mag El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) jou seën, jou vrugbaar maak en jou vermeerder sodat jy 'n menigte van volke mag word
- 4 en mag Hy jou die seën van Avraham gee, aan jou en jou nageslag saam met jou sodat jy die land waarin jy 'n besoeker is in besit kan neem, wat God aan Avraham gegee het."
- 5 Yitz'gak het Ya'akov so weggestuur en hy het na Paddan-Aram gegaan, na Lavan, die seun van B'tu'el, die Arameër, die broer van Rivkah, die moeder van Ya'akov en 'Esav.
- 6 Toe 'Esav sien dat Yitz'gak Ya'akov geseën en hom na Paddan-Aram weggestuur het om daar vir hom 'n vrou te gaan haal en terwyl hy hom geseën het aan hom bevel gegee en gesê het: 'Jy mag nie 'n vrou uit die dogters van Kena'an vat nie'
- 7 en dat Ya'akov sy vader en sy moeder gehoorsaam het om na Paddan-Aram te gaan;
- 8 toe 'Esav sien dat die dogters van Kena'an boos was in die oë van sy vader Yitz'gak,
- 9 het 'Esav na Yishma'el gegaan en Magalat, die suster van N'vayot en die dogter van Yishma'el, die seun van Avraham, by die vroue wat hy het vir hom as vrou gevat.
- 10 Ya'akov het uit Be'er-Sh'va vertrek in die rigting van Haran.
- 11 Hy het by 'n sekere plek gekom waar hy oornag het, want die son was al onder en hy vat een van die klippe van daardie plek en sit dit onder sy kop en hy gaan lê op dié plek en slaap.
- 12 Hy het gedroom: let op, 'n leer is op die aarde opgestel waarvan die punt tot by die hemele kom en let op, die boodskappers van God gaan daarmee op en af. Yog 1:51
- 13 Let op, יהוה het bo-aan dit gestaan en gesê: "Ek is יהוה", die God van jou vader Avraham en die God van Yitz'gak. Die land waarop jy lê, gee Ek aan jou en aan jou nageslag

- 14 en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde en jy sal uitbrei na die weste en die ooste en na die noorde en die suide en in jou en jou Saad sal al die families van die aarde geseë wees. Gen 3:15; Gen 12:2-3; 22:18; 26:4
- 15 Let op, Ek is by jou en Ek sal jou beskerm oral waar jy heengaan en Ek sal jou terugbring in hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie totdat Ek gedoen het wat Ek vir jou gesê het.”
- 16 Ya'akov word uit sy slaap wakker en sê: “Waarlik, יהוה is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.”
- 17 Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreeslik is hierdie plek! Hierdie is niks anders as 'n huis van God nie en hierdie is die hek van die hemel.”
- 18 Ya'akov het vroeg die oggend opgestaan, die klip gevat wat hy onder sy kop gesit het, dit opgerig as 'n pilaar en olie daaroor uitgegooi.
- 19 Hy het die plek Beit-El genoem, maar die naam van die stad was tevore Luz.
- 20 Ya'akov het 'n belofte gemaak en gesê: “As God by my sal wees om my te beskerm op hierdie pad wat ek gaan en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek
- 21 en ek in vrede na die huis van my vader sal terugkom, dan sal יהוה my God wees
- 22 en hierdie klip wat ek as pilaar opgerig het, sal 'n huis van God wees en van alles wat U my gee, sal ek 'n tiende as tiende aan U gee.”
- 29** 1 Ya'akov het sy voete opgelig (gou gemaak) en gekom in die land van die seuns van die Ooste. Rig 7:12; 8:10
- 2 Hy het gekyk en let op, daar was 'n put in die veld en drie troppe kleinvee wat daarby lê, want uit dié put het hulle die vee laat drink. Daar was 'n groot klip op die opening van die put.
- 3 Al die troppe sal daar bymekaarkom, dan rol hulle die klip weg van die opening van die put en laat die vee drink. Daarna sit hulle die klip weer op sy plek op die opening van die put.
- 4 Ya'akov sê vir hulle: “My broers, waar is julle vandaan?” Hulle antwoord: “Ons kom van Haran.”
- 5 Hy vra hulle: “Ken julle vir Lavan, die seun van Nagor?” Hulle antwoord: “Ons ken hom.”
- 6 Hy sê ook vir hulle: “Gaan dit goed met hom?” Hulle antwoord: “Dit gaan goed en let op, daar kom sy dogter Ragel met die vee.”
- 7 Hy sê: “Let op, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die trop bymekaar te maak nie. Laat die vee drink en gaan, laat hulle wei.”
- 8 Hulle antwoord egter: “Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie; dan rol hulle die klip weg van die opening van die put en ons laat die vee drink.”
- 9 Terwyl hy nog met hulle praat, kom Ragel met haar vader se kleinvee aan, want sy het hulle opgepas.
- 10 Dit het so gebeur dat toe Ya'akov Ragel, die dogter van Lavan, sy moeder se broer, sien en die vee van Lavan, sy moeder se broer, gaan Ya'akov nader en rol die klip weg van die opening van die put af en laat die vee van Lavan, sy moeder se broer, drink.

- 11 Ya'akov het Ragel gesoen en sy stem opgelig en gehuil.
- 12 Ya'akov het Ragel vertel dat hy haar vader se familie en die seun van Rivkah was. Sy het daarop gehardloop en dit aan haar vader vertel.
- 13 Dit het so gebeur dat toe Lavan die verslag hoor van Ya'akov, die seun van sy suster, hy hom tegemoet gehardloop, hom omhels, gesoen en hom in sy huis ingebring het. Hy het aan Lavan al hierdie dinge vertel.
- 14 Lavan sê vir hom: "Waarlik, jy is my vlees en been." Hy het by hom die dae van 'n maand gebly.
- 15 Lavan sê vir Ya'akov: "Sou jy my verniet dien omdat jy my familie is? Vertel my wat jou loon moet wees."
- 16 Nou, Lavan het twee dogters gehad; die naam van die oudste was Le'ah en die naam van die jongste Ragel.
- 17 Le'ah het aantreklike oë gehad, maar Ragel het 'n mooi figuur gehad en was mooi om na te kyk.
- 18 Ya'akov het Ragel liefgehad; daarom het hy gesê: "Ek sal u sewe jaar dien vir Ragel, u jongste dogter."
- 19 Lavan antwoord: "Dit is beter dat ek haar vir jou gee as dat ek haar vir 'n ander man gee. Bly by my."
- 20 So het Ya'akov dan sewe jaar gewerk vir Ragel en dit was in sy oë soos 'n paar dae omdat hy haar liefgehad het.
- 21 Ya'akov sê vir Lavan: "Gee nou my vrou dat ek by haar kan ingaan, want my dae is vervul."
- 22 Lavan het al die manne van die plek bymekaargemaak en 'n fees voorberei.
- 23 Dit het so gebeur dat hy sy dogter Le'ah gevat en haar na hom toe gebring het teen sonsondergang en hy het by haar ingegaan.
- 24 Lavan het ook sy slavin Zilpah aan sy dogter Le'ah gegee as slavin.
- 25 Die volgende oggend, let op, dit was Le'ah! Hy sê vir Lavan: "Wat het u my nou aangedoen? Was dit nie vir Ragel wat ek u gedien het nie? Waarom het u my dan bedrieg?"
- 26 Lavan antwoord: "Dit word nie hier in ons land so gedoen om die jongste voor die oudste in die huwelik te gee nie.
- 27 Voltooi haar bruilofsfees van sewe dae, dan sal ons jou dié een ook gee vir die diens waarmee jy my nóg sewe jaar moet dien."
- 28 Ya'akov het so gedoen: hy het haar bruilofstyd van 'n week voltooi. Toe gee hy sy dogter Ragel ook aan hom as vrou.
- 29 Lavan het sy slavin Bilhah vir sy dogter Ragel gegee as slavin.
- 30 Hy het ook by Ragel ingegaan en Ragel ook meer liefgehad as vir Le'ah. Hy het nóg sewe jaar by Lavan gedien.
- 31 Toe יְהוָה sien dat Le'ah die gehate een was, het Hy haar baarmoeder oopgemaak, maar Ragel was onvrugbaar.
- 32 Le'ah het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun en hom Re'uven genoem, want sy het gesê: "יְהוָה" het sekerlik my depressie raakgesien, want nou sal my man my liefhê."

- 33 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: "יְהוּדָה" het sekerlik gehoor dat ek die gehate is en my hierdie een ook gegee." Sy het hom Shim'on genoem.
- 34 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: "Nou hierdie keer sal my man met my verenig wees omdat ek vir hom geboorte gegee het aan drie seuns." Hy is daarom Levi genoem.
- 35 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: "Nou sal ek יְהוּדָה loof en dank met uitgestrekte hande." Sy het hom daarom Y'hudah genoem. Sy het opgehou om kinders te hê.
- 30** 1 Toe Ragel sien dat sy vir Ya'akov geen kinders gee nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en vir Ya'akov gesê: "Gee vir my seuns of anders sterf ek."
- 2 Ya'akov het kwaad geword teenoor Ragel en gevra: "Is ek dan in die plek van God wat die vrug van jou baarmoeder van jou teruggehou het?"
- 3 Sy antwoord: "Let op, my slavin Bilhah; gaan by haar in sodat sy op my knieë geboorte kan gee en ek ook uit haar opgebou kan word."
- 4 Sy het haar slavin Bilhah vir hom as vrou gegee en Ya'akov het by haar ingegaan
- 5 en Bilhah het swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun vir Ya'akov.
- 6 Ragel het gesê: "God het my saak beoordeel en ook my stem gehoor en vir my 'n seun gegee." Sy het hom daarom Dan genoem.
- 7 Bilhah, die slavin van Ragel, is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n tweede seun vir Ya'akov.
- 8 Ragel het gesê: "Ek het magtige worstelinge met my suster gestoei en oorwin." Sy het hom Naftali genoem.
- 9 Toe Le'ah sien dat sy opgehou het om geboorte te gee, vat sy haar slavin Zilpah en gee haar aan Ya'akov as vrou.
- 10 Zilpah, die slavin van Le'ah, het geboorte gegee aan 'n seun vir Ya'akov.
- 11 Toe sê Le'ah: "Goeie geluk het gekom!" Sy het dus sy naam Gad gegee.
- 12 Daarna het Zilpah, die slavin van Le'ah, geboorte gegee aan 'n tweede seun vir Ya'akov.
- 13 Toe sê Le'ah: "Ek is gelukkig! Die dogters sal my lof besing." Sy het hom Asher genoem.
- 14 Re'uven het in die dae van die graanoes gegaan en alruin in die veld gevind en dié na sy moeder Le'ah gebring en Ragel sê vir Le'ah: "Gee vir my van jou seun se alruin."
- 15 Sy antwoord haar: "Is dit iets kleins dat jy my man weggevat het? Sal jy my seun se alruin ook wegvat?" Ragel sê: "Vir jou seun se alruin mag hy vannag by jou lê."
- 16 Toe Ya'akov teen sonsondergang uit die veld uit kom, gaan Le'ah hom tegemoet en sê: "Jy moet inkom na my toe, want ek het jou gehuur vir my seun se alruin." Hy het dié nag by haar gelê.
- 17 God het Le'ah verhoor: sy het bevrug geword en vir Ya'akov geboorte gegee aan 'n vyfde seun.
- 18 Le'ah het gesê: "God het my my loon gegee omdat ek my slavin aan my man gegee het." Sy het hom Yissakhar genoem.

- 19 Le'ah het weer bevrug geword en vir Ya'akov geboorte gegee aan 'n sesde seun.
- 20 Le'ah het gesê: "God het aan my 'n goeie geskenk toegestaan; die keer sal my man uiteindelik by my bly, want ek het vir hom geboorte gegee aan ses seuns." Sy het hom Z'vulun genoem.
- 21 Daarna het sy geboorte gegee aan 'n dogter en haar Dinah genoem.
- 22 God het Ragel onthou en God het haar gehoor en haar baarmoeder oopgemaak:
- 23 sy het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun. Sy het gesê: "God het my skande weggevat."
- 24 Sy het hom Yosef genoem en gesê: "יֹסֵף sal vir my nog 'n seun byvoeg!"
- 25 Dit het so gebeur dat toe Ragel geboorte gegee het aan Yosef, Ya'akov vir Lavan gesê het: "Laat my gaan sodat ek na my eie plek en my eie land kan gaan.
- 26 Gee my vroue en my jongelinge waarvoor ek u gedien het sodat ek kan gaan, want u ken self die diens waarmee ek u gedien het."
- 27 Lavan antwoord hom: "Bly asseblief as ek guns in u oë gevind het; ek het die tekens gesien dat יְהוָה my om jou ontwil geseën het."
- 28 Hy sê ook: "Spesifiseer vir my jou loon en ek sal dit gee."
- 29 Hy antwoord hom: "U weet self hoe ek u gedien het en hoe u vee by my is,
- 30 want wat u gehad het vóór my koms was min en dit het tot baie vermeerder. יְהוָה het u geseën sedert ek my voete hier gesit het. Nou, wanneer sal ek ook vir my eie huis voorsien?"
- 31 Hy vra: "Wat moet ek vir jou gee?" Ya'akov antwoord: "U hoef my niks te gee nie, as u hierdie ding vir my sal doen, sal ek weer u kleinvee voed en versorg;
- 32 ek sal vandag deur al u troppe kleinvee gaan en daaruit al die gestippelde en bont vee uitkeer en al die bruines onder die skaaplammers, asook die bontes en gestippeldes onder die bokke, dit sal my loon wees.
- 33 Net soos my eerlikheid vandag vir my getuig; net so sal dit wees wanneer my loon voor u gebring word; alles wat nie gestippeld of bont is onder die bokke en wat nie bruin is onder die skaaplammers nie, sal as gesteelde goed by my beskou word."
- 34 Lavan antwoord: "O, laat dit wees volgens jou woord!"
- 35 Ya'akov het dieselfde dag die gestreepte en bont bokke en al die gestippelde en bont bokkies uitgekeer, almal wat wit aan hulle gehad het en almal wat bruin was onder die skaaplammers en dié in sy seuns se hande afgegee.
- 36 Lavan het drie dae se reis tussen hom en Ya'akov bepaal en Ya'akov het die orige kleinvee van Lavan opgepas.
- 37 Ya'akov vat vir homself groen latte van populier-, amandel- en plataanhout en hy skil wit strepe daarvan af sodat die wit van die latte wys
- 38 en hy sit die latte wat hy afgeskil het vlak voor die vee in die trôe, in die drinkbakke waar die vee kom drink het sodat hulle op hitte kom as hulle kom drink.
- 39 Die vee het op hitte gekom by die latte en die vee het gestreeptes, gestippeldes en bontes gelam.
- 40 Ya'akov het die lammers geskei en hy het die koppe van die vee na die gestreeptes gedraai en almal wat bruin was onder Lavan se vee. Hy het vir hom afsonderlike troppe gemaak en dié nie saam met Lavan se vee gesit nie.

- 41 Dit het so gebeur dat elke keer as die sterkste diere op hitte kom, Ya'akov die latte voor die oë van die vee in die trêe sit sodat hulle by die latte sou paar,
- 42 maar as die vee swakkerig was, het hy dit nie ingesit nie; so was dan die swakkes vir Lavan en die sterkes vir Ya'akov.
- 43 Die man het uitermate ryk geword en baie vee, slavinne, slawe, kamele en esels gehad.
- 31** 1 Hy het die woorde van die seuns van Lavan gehoor dat hulle sê: “Ya'akov het alles weggevat wat ons vader s'n was en uit wat ons vader s'n was, het hy al hierdie rykdom verkry.”
- 2 Ya'akov het ook die gesig van Lavan gesien en let op, dit was nie meer soos gister en eergister nie.
- 3 יהוה het vir Ya'akov gesê: “Gaan terug na die land van jou vaders en na jou familie en Ek sal by jou wees.”
- 4 Ya'akov stuur toe en laat Ragel en Le'ah veld toe roep na sy trop toe
- 5 en sê vir hulle: “Ek sien dat die gesig van julle vader teenoor my nie meer is soos gister en eergister nie, maar die God van my vader was by my.
- 6 Julle weet self dat ek met al my krag julle vader gedien het,
- 7 maar julle vader het my bedrieg: hy het my loon tien maal verander, maar God het hom nie toegelaat om my skade aan te doen nie.
- 8 As hy sou sê: ‘Die gestippeldes sal jou loon wees,’ dan lam al die vee gestippeldes en as hy sê: ‘Die gestreeptes sal jou loon wees,’ dan lam al die vee gestreeptes.
- 9 So het God die vee van julle vader af weggevat en aan my gegee.
- 10 Dit het in die tyd toe die kleinvee op hitte was, gebeur dat ek my oë opgeslaan en in 'n droom gesien het dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gestippeld en bont was
- 11 en die boodskapper van God sê vir my in die droom: ‘Ya'akov!’ Ek antwoord: ‘Hier is ek!’
- 12 Hy sê: ‘Slaan tog jou oë op en kyk: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, want Ek het alles gesien wat Lavan aan jou doen.
- 13 Ek is die God van Beit-El waar jy die pilaar gesalf het, waar jy 'n eed aan My beloof het. Staans nou op, gaan weg uit hierdie land uit en gaan terug na die land van jou geboorte’.”
- 14 Ragel en Le'ah antwoord en sê vir hom: “Is daar nog 'n deel of erfenis vir ons in die huis van ons vader?
- 15 Word ons nie as vreemdelinge deur hom gesien nie? Hy het ons verkoop en ons geld opgeëet en verteer,
- 16 want al hierdie rykdom wat God van ons vader weggevat het, is ons en ons seuns s'n. Doen dan nou wat ook al God vir u gesê het om te doen.”
- 17 Toe staan Ya'akov op en laai sy kinders en sy vroue op die kamele
- 18 en hy voer al sy vee weg en al sy besittings wat hy bymekaar gemaak het, die vee wat syne was, wat hy in Paddan-Aram bymekaar gemaak het, om na sy vader Yitz'gak in die land Kena'an te gaan.

- 19 Lavan het gegaan om sy trop te skeer en Ragel het haar vader se familie-afgodsbeelde gesteel.
- 20 Ya'akov het Lavan, die Arameër, mislei deurdat hy weggesluip het sonder om hom te vertel dat hy wou weggaan.
- 21 So het hy dan weggegaan met alles wat hy besit het. Hy het opgestaan en oor die rivier gegaan en sy gesig gedraai na die gebergte van Gil'ad.
- 22 Op die derde dag is Lavan vertel dat Ya'akov gevlug het.
- 23 Hy het sy broers saam met hom gevat en hom vir sewe dae agternagejaag en hom ingehaal in die gebergte van Gil'ad.
- 24 God het na Lavan, die Arameër, in die nag gekom in 'n droom en vir hom gesê: "Pas op dat jy nie met Ya'akov goed of kwaad praat nie."
- 25 Lavan het Ya'akov ingehaal. Ya'akov het al sy tent opgeslaan in die gebergte en Lavan, saam met sy broers, het in die gebergte van Gil'ad kamp opgeslaan.
- 26 Lavan sê vir Ya'akov: "Wat het jy gedoen dat jy skelm weggesluip het en my dogters soos krygsgevangenes weggevoer het?"
- 27 Waarom het jy in die geheim en skelm van my af weggegaan en my nie vertel nie sodat ek jou met oorweldigende blydschap, met 'n lied, met tamboeryn en harp kon wegstuur?
- 28 Jy het my ook nie toegelaat om my seuns en dogters te soen nie. Nou het jy daardeur dwaas opgetree.
- 29 Die mag is in my hand om julle skade aan te doen, maar die God van julle vader het verlede nag met my gepraat en gesê: 'Pas op dat jy nie met Ya'akov praat, beide goed of kwaad nie.'
- 30 Nou het jy reeds vertrek omdat jy so erg verlang het na die huis van jou vader, maar waarom het jy my gode gesteel?"
- 31 Ya'akov antwoord en sê vir Lavan: "Ek was bang, want ek het gedink u sal miskien u dogters met geweld van my af wegvat.
- 32 By wie u ook al u gode vind, laat hom nie lewe nie! Onderskei wat van u by my is, in die teenwoordigheid van ons broers en vat dit saam." Ya'akov het nie geweet dat Ragel dit gesteel het nie.
- 33 Lavan het in die tent van Ya'akov, van Le'ah en van die twee slavinne ingegaan, maar hy het niks gekry nie. Toe het hy uit die tent van Le'ah uitgegaan en in die tent van Ragel gekom.
- 34 Ragel het die familie afgode gevat en dit in die kameelsaal gesit en daarop gaan sit. Lavan het die hele tent deurgevoel, maar niks gekry nie.
- 35 Sy sê vir haar vader: "Laat dit nie brand in my meester se oë (ontevrede wees) omdat ek nie vir u kan opstaan nie, want dit gaan met my volgens die pad van vroue." Hy het gesoek, maar die familie afgode nie gekry nie.
- 36 Ya'akov was woedend en hy het met Lavan gestry en Ya'akov antwoord vir Lavan en sê: "Wat is my oortreding, wat is my sonde dat u my so vuriglik agtervolg het?"
- 37 Noudat u al my goed deursoek het; wat het u van al u huisware gevind? Sit dit hier voor my broers en u broers neer en laat hulle oordeel tussen ons twee.
- 38 Hierdie twintig jaar wat ek by u was, het u skaap- en bokooie geen misdrag gehad nie en die ramme van u kleinvee het ek nie geëet nie.

- 39 Wat die wilde diere verskeur het, het ek nie na u gebring nie; ek het die verlies daarvan gedra. U het dit van my hand geëis, of dit bedags of snags gesteel is.
- 40 Daar was ek, bedags deur die hitte verteer en snags deur die koue en my slaap het gevlug van my oë.
- 41 So was ek in u huis vir twintig jaar; ek het u veertien jaar gedien vir u twee dogters en ses jaar vir u kleinvee en u het my loon tien maal verander.
- 42 As die God van my vader, die God van Avraham en die Vrees van Yitz'gak, nie by my was nie sou u my sekerlik nou met leë hande weggestuur het. God het my swaarkry en die moeitevolle werk van my hande gesien en u verlede nag bestraf."
- 43 Lavan antwoord en sê vir Ya'akov: "Hierdie dogters is my dogters en hierdie seuns is my seuns en hierdie troppe is my troppe, alles wat jy sien, is myne, maar wat sal ek my dogters vandag kan aandoen of aan hulle seuns waaraan hulle geboorte gegee het?
- 44 Kom daarom nou, laat ek en jy 'n verbond sluit sodat dit 'n getuienis kan wees tussen my en jou."
- 45 Daarop het Ya'akov 'n klip gevat en dit as 'n monument opgerig.
- 46 Ya'akov het aan sy familie gesê: "Maak klippe bymekaar" en hulle het klippe gaan haal en 'n hoop gemaak en daar, op die hoop, geëet.
- 47 Lavan het dit Y'gar-Sahaduta genoem, maar Ya'akov het dit Gal-'Ed genoem.
- 48 Lavan het gesê: "Hierdie hoop is vandag 'n getuie tussen my en jou." Hulle het dit daarom Gal-'Ed genoem,
- 49 asook HaMitzpah, want hy het gesê: "Mag יהיה wag hou tussen my en jou as ons weg is van mekaar.
- 50 As jy my dogters laat swaarkry en as jy ander vroue neem behalwe my dogters, dan, al is geen mens by ons nie, let op, God is getuie tussen my en jou."
- 51 Lavan sê ook vir Ya'akov: "Let op, die hoop en die monument wat ek tussen my en jou opgerig het;
- 52 hierdie hoop is getuie en die monument is getuienis dat ék nie na jou kant toe verby hierdie hoop sal trek nie en dat jy nie na my kant toe verby hierdie hoop en hierdie monument sal trek met boosheid nie.
- 53 Die God van Avraham, die God van Nagor en die God van hulle vader, sal Regter wees tussen ons." Ya'akov het gesweer by die Respekvolle Vrees van sy vader Yitz'gak.
- 54 Ya'akov het 'n offer op die berg geslag en sy broers genooi om brood te eet. Hulle het brood geëet en die hele nag op die berg gebly.
- 55 Lavan het die oggend vroeg opgestaan en sy seuns en sy dogters gesoen en hulle geseën. Lavan het vertrek en teruggegaan na sy plek.
- 32** 1 Ya'akov het op sy pad gegaan en die boodskappers van God het hom ontmoet.
- 2 Toe hy hulle sien, sê Ya'akov: "Dit is die kamp van God" en hy het die plek Maganayim genoem.
- 3 Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer 'Esav in die land van Se'ir, die land Edom

- 4 en aan hulle bevel gegee en gesê: “So moet julle aan my meester, aan `Esav, sê: ‘So sê Ya’akov, u dienskneg; ek het as besoeker gebly by Lavan en daar gebly tot nou toe
- 5 en ek het beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne en ek laat weet dit vir my meester sodat ek guns mag vind in u oë.”
- 6 Die boodskappers het na Ya’akov teruggekom en gesê: “Ons het by u broer `Esav gekom en hy gaan u alreeds tegemoet en het vier honderd man saam met hom.”
- 7 Ya’akov was bang en baie benoud en hy het die mense wat by hom was, sowel as die kleinvee, beeste en kamele in twee groepe verdeel,
- 8 want hy het gedink: “As `Esav by die een groep kom en dit verslaan, sal die groep wat oorbly, ontsnap.”
- 9 Ya’akov het gebed en gesê: “O God van my vader Avraham en God van my vader Yitz’gak, יִצְחָק, wat my beveel het: gaan terug na jou land en na jou familie en Ek sal aan jou goed doen;
- 10 ek is nie al die guns en al die getrouheid wat U aan U dienskneg bewys het waardig nie, want ek het met my staf oor hierdie Yarden getrek en nou het ek twee groepe geword.
- 11 Red my asseblief uit die hand van my broer, uit die hand van `Esav, want ek is bang vir hom dat hy sal kom en my doodslaan, die moeders saam met die seuns.
- 12 U het tog self gesê: ‘Ek sal sekerlik aan jou goed doen en jou nageslag maak soos die sand van die see wat vanweë die menigte daarvan nie getel kan word nie.’”
- 13 Hy het die nag daar oorgebly en van wat in sy hand gekom het as ‘n geskenk gevat vir sy broer `Esav:
- 14 twee honderd bokooie en twintig bokramme, twee honderd skaapooie en twintig ramme,
- 15 dertig melkkamele en hulle kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien jong donkies
- 16 en hy het hulle aan sy diensknegte oorhandig, elke trop afsonderlik en aan sy diensknegte gesê: “Gaan voor my uit en laat ‘n ruimte oop tussen trop en trop.”
- 17 Hy beveel die eerste een en sê: “As my broer `Esav jou ontmoet en jou vra: ‘Aan wie behoort jy, waarheen gaan jy en wie se besittings is daar voor jou?’
- 18 dan moet jy antwoord: ‘U dienskneg Ya’akov s’n. Dit is ‘n geskenk wat hy aan my meester `Esav stuur en let op, hy self kom ook agter ons aan’.”
- 19 Hy het ook bevel gegee aan die tweede en aan die derde en aan almal wat agter die troppe geloop het en gesê: “Net so moet julle `Esav antwoord as julle hom ontmoet;
- 20 julle moet sê: ‘Let op, u dienskneg Ya’akov kom ook agter ons aan’,” want hy het gedink: laat ek hom tevrede stel met die geskenk wat voor my uit gaan en daarna, as ek sy gesig sien, miskien sal hy my aanvaar.
- 21 So het die geskenk voor hom uitgegaan, maar hy self het dié nag in die kamp gebly.
- 22 Hy het dieselfde nag opgestaan en sy twee vroue, sy twee slavinne en sy elf seuns gevat en deur die drif van die Yabbok getrek.

- 23 Hy het hulle gevat en hulle oor die stroompie laat gaan, asook wat aan hom behoort oorgestuurt,
- 24 maar Ya'akov het alleen agtergebly en 'n Man het met hom gestoei tot dagbreek toe.
- 25 Toe Hy sien dat Hy hom nie kon wen nie, slaan Hy hom op sy heupbeen sodat die heupbeen van Ya'akov uit lit geraak het soos hy met Hom gestoei het.
- 26 Hy sê: "Laat My gaan, want die dag het gebreek." Hy antwoord: "Ek sal U nie laat gaan nie, tensy U my seën."
- 27 Hy vra hom: "Wat is jou naam?" Hy antwoord: "Ya'akov."
- 28 Hy sê: "Jy sal nie meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el, want jy het krag soos 'n prins gehad teenoor God en die mense en het oorwin."
- 29 Ya'akov vra en sê: "Maak asseblief U Naam (Karakter en Outoriteit) bekend!" Hy antwoord: "Waarom vra jy na My Naam?" Hy het hom daar geseën.
- 30 Ya'akov het die plek P'ni-El genoem; ek het God van gesig tot gesig gesien en tog is my lewe gered.
- 31 Die son het vir hom opgegaan net toe hy oor P'ni-El gaan en hy was mank aan sy heup;
- 32 daarom eet die kinders van Yisra'el tot vandag toe nie die heupsening, wat aan die heupbeen is nie omdat Hy Ya'akov op die heupbeen, aan die heupsening, geslaan het.
- 33** 1 Ya'akov het sy oë opgelig en gesien dat 'Esav aankom en let op, vier honderd man saam met hom en hy het die seuns onder Le'ah, Ragel en die twee slavinne verdeel.
- 2 Hy het die slavinne met hulle kinders voor, Le'ah met haar kinders agter hulle en Ragel en Yosef laaste gesit,
- 3 maar hy self het voor hulle uit oorgegaan en sewe maal met sy gesig op die grond gaan lê totdat hy by sy broer gekom het.
- 4 'Esav het hom tegemoet gehardloop, hom vasgehou en hom om die nek geval en hom gesoen en hulle het gehuil.
- 5 Hy het sy oë opgelig, die vroue en kinders gesien en gesê: "Wie is hierdie by jou?" Hy antwoord: "Die kinders wat God uit onverdiende guns aan u dienskneg gegee het."
- 6 Die slavinne het nader gekom, hulle en hulle kinders en gebuig.
- 7 Le'ah het ook nader gekom met haar kinders en gebuig en daarna het Yosef en Ragel nader gekom en gebuig.
- 8 Hy sê: "Wat is jou bedoeling met al hierdie kampe wat ek teëgekom het?" Hy antwoord: "Om guns te vind in die oë van my meester."
- 9 'Esav sê egter: "Ek het oorvloed, my broer! Hou wat jy het vir jouself!"
- 10 Ya'akov antwoord: "Nee, asseblief, as ek guns in u oë gevind het, ontvang die geskenk uit my hand, want ek het nou u gesig gesien asof ek die gesig van God gesien het en u was tevrede met my.

- 11 Aanvaar asseblief die seëning van my wat vir u gebring is, want God het my onverdiende guns bewys en ek het alles wat ek nodig het.” Hy het by hom aangehou en hy het dit aanvaar.
- 12 Hy sê toe: “Laat ons opbreek en vertrek en ek sal voor jou gaan.”
- 13 Hy antwoord hom: “My meester weet dat die kinders swak is en dat ek lammers en kalwers wat drink by my het; as die manne hulle een dag hard sou dryf sou die hele trop vrek.
- 14 My meester moet asseblief voor sy dienskneg uittrek. Ek sal rustig gaan volgens die pas van die vee wat voor my uitgaan en volgens die voete van die kinders, tot ek by my meester in Se’ir aankom.”
- 15 `Esav sê: “Laat my nou van die mense wat by my is, by jou los.” Hy antwoord: “Waarvoor dan? Laat my guns in die oë van my meester vind!”
- 16 So het `Esav dan dié dag teruggegaan op sy pad na Se’ir.
- 17 Ya’akov het na Sukkot weggetrek, vir hom ’n huis gebou en skuilings vir sy vee gemaak; daarom het hy die plek Sukkot genoem.
- 18 Ya’akov het in vrede aangekom by die stad Sh’khem wat in die land Kena’an is, toe hy van Paddan-Aram af gekom het en hy het sy tent voor die stad opgeslaan
- 19 en die stuk grond, waar hy sy tent opgeslaan het, gekoop van die seuns van Hamor, die vader van Sh’khem, vir honderd geldstukke.
- 20 Hy het ook ’n altaar daar opgerig en dit El-Elohei Yisra’el (Die Magtige God van Yisra’el is God) genoem.

- 34** 1 Dinah, die dogter van Le’ah, wat vir Ya’akov gebore is, het uitgegaan om die dogters van die land te sien.
- 2 Toe Sh’khem, die seun van Hamor, die Hiviet, die heerser van die land, haar sien, het hy haar gegryp en by haar gelê en haar onteer.
 - 3 Sy wil, verstand, liggaam en gees het geheg geraak aan Dinah, die dogter van Ya’akov en hy het die meisie liefgehad en sag met die meisie gepraat.
 - 4 Sh’khem het ook met sy vader Hamor gepraat en gesê: “Kry hierdie meisie vir my as vrou.”
 - 5 Ya’akov het gehoor dat sy dogter Dinah onteer is. Sy seuns was by sy vee in die veld en Ya’akov het stilgebly totdat hulle gekom het.
 - 6 Hamor, die vader van Sh’khem, het uitgegaan na Ya’akov om met hom te praat.
 - 7 Die seuns van Ya’akov het uit die veld gekom toe hulle dit hoor en die manne was gegrief en uitermate woedend omdat hy ’n morele boosheid teenoor Yisra’el begaan het, deur by die dogter van Ya’akov te lê: ’n ding wat nie gedoen moes word nie.
 - 8 Hamor praat met hulle en sê: “Die wil, verstand, liggaam en gees van my seun Sh’khem verlang na julle dogter: gee haar asseblief vir hom as vrou
 - 9 en tree in huwelike met ons: gee vir ons julle dogters en vat vir julle ons dogters.
 - 10 Bly by ons en die land lê voor julle oop; bly en dryf handel en verkry besittings daarin.”
 - 11 Sh’khem sê ook vir haar vader en broers: “Laat my guns vind in julle oë en wat julle van my vra, sal ek gee.

- 12 Vra my enige grootte bruidskat en geskenk en ek sal gee volgens wat julle aan my sê, maar gee vir my die meisie as vrou.”
- 13 Die seuns van Ya’akov antwoord vir Sh’khem en Hamor, sy vader en praat met misleiding omdat hy hulle suster Dinah onteer het
- 14 en sê vir hulle: “Ons kan hierdie ding nie doen om ons suster aan ’n man te gee wat onbesnede is nie, want dit sou ’n skande vir ons wees.
- 15 Op hierdie voorwaarde alleen kan ons inwillig: as julle word soos ons is deurdat almal van julle wat manlik is, besny word.
- 16 Ons sal dan ons dogters aan julle gee en ons sal julle dogters vir ons vat en ons sal by julle bly en een volk word,
- 17 maar as julle nie na ons luister en besny word nie, dan vat ons ons dogter en gaan weg.”
- 18 Hulle woorde was goed in die oë van Hamor en van Sh’khem, die seun van Hamor.
- 19 Die jongman het nie uitgestel om dit te doen nie, want hy het vreugde gevind in die dogter van Ya’akov en hy was die mees eerbare in die hele huis van sy vader.
- 20 Hamor en sy seun Sh’khem gaan na die poort van hulle stad en praat met die manne van hulle stad en sê:
- 21 “Hierdie manne is vredevol teenoor ons; daarom, laat hulle in die land bly en daarin handel dryf: die land lê mos breed oop voor hulle. Ons kan hulle dogters vir ons as vroue vat en ons sal ons dogters vir hulle gee,
- 22 maar net op hierdie voorwaarde sal die manne inwillig om by ons te bly, om een volk te wees: as alle mans by ons besny word soos hulle besny is.
- 23 Sal hulle vee, hulle besittings en al hulle diere nie ons s’n wees nie? Laat ons net instem sodat hulle by ons kan bly.”
- 24 Hulle het na Hamor en na sy seun Sh’khem geluister, almal wat uit sy stadspoort uitgegaan het en almal wat manlik was, wat uit sy stadspoort uitgegaan het, is besny.
- 25 Dit het so gebeur dat op die derde dag, toe hulle in pyn was, twee van die seuns van Ya’akov, Shim’on en Levi, broers van Dinah, elkeen sy swaard gevat, die stad stilweg ingegaan en al die mans doodgeslaan het.
- 26 Hulle slaan ook vir Hamor en sy seun Sh’khem met die skerpte van die swaard dood, vat Dinah uit die huis van Sh’khem en gaan uit.
- 27 Die seuns van Ya’akov het op die wat dood is afgekom en die stad geplunder omdat hulle hulle suster onteer het.
- 28 Hulle het hulle kleinvee, hulle beeste en hulle esels, wat ook al in die stad en in die veld was, weggevat.
- 29 Al hulle besittings, al hulle kinders en hulle vroue het hulle as gevangenes en as buit weggevoer en ook alles wat in die huise was.
- 30 Ya’akov sê vir Shim’on en Levi: “Julle het vir my moeilikheid gemaak deurdat julle my verwerplik gemaak het by die inwoners van die land, die Kena’aniëte en P’risiëte. Omdat ek min is, sal hulle saamkom teen my, my doodmaak en vernietig, my en my huis.”
- 31 Hulle antwoord: “Moes hy ons suster as ’n hoer behandel!”

- 35** 1 God het vir Ya'akov gesê: “Staan op, gaan op na Beit-El, bly daar en bou daar 'n altaar vir die Magtige God wat aan jou verskyn het toe jy gevlug het van die teenwoordigheid van jou broer, 'Esav, af.”
- 2 Ya'akov sê vir sy huisgesin en aan almal wat by hom was: “Gooi weg die vreemde gode wat onder julle is, reinig julle en trek ander klere aan
- 3 en laat ons opstaan en optrek na Beit-El en ek sal daar 'n altaar bou vir die Magtige God wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die pad wat ek gegaan het.”
- 4 Toe gee hulle vir Ya'akov al die vreemde gode wat in hulle besit was en die ringe aan hulle ore en Ya'akov het dit weggesteek onder die Eikeboom wat by Sh'khem is.
- 5 Hulle het weggetrek en 'n vrees van God het op die stede rondom hulle gekom sodat hulle die seuns van Ya'akov nie agtervolg het nie.
- 6 So het Ya'akov dan in Luz, dit is Beit-El, aangekom wat in die land Kena'an is; hy en al die mense wat by hom was.
- 7 Hy het daar 'n altaar gebou en die plek El-Beit-El genoem, want daar het die Magtige God homself aan hom openbaar toe hy vir die teenwoordigheid van sy broer gevlug het.
- 8 D'vorah, Rivkah se oppasster, is dood en sy is begrawe onderkant Beit-El, onder die eikeboom. Hulle het dit Alon-Bakhut genoem.
- 9 God het weer aan Ya'akov verskyn by sy terugkoms uit Paddan-Aram en hom geseën.
- 10 God het vir hom gesê: “Jou naam is Ya'akov; jy sal verder nie Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el sal jou naam wees” en Hy het hom Yisra'el genoem.
- 11 God het ook vir hom gesê: “Ek is El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is). Wees vrugbaar en vermeerder. 'n Nasie, ja, 'n versameling van nasies, sal van jou uitgaan en konings sal uit jou lendene uitkom.
- 12 Die land wat Ek vir Avraham en Yitz'gak gegee het, gee Ek vir jou en aan jou nageslag ná jou gee Ek die land.”
- 13 Toe het God van hom af opgegaan op die plek waar Hy met hom gepraat het.
- 14 Ya'akov het 'n pilaar opgerig op die plek waar Hy met hom gepraat het, 'n pilaar van klip en daarop 'n drankoffer en olie uitgegooi.
- 15 Ya'akov het die plek waar God met hom gepraat het, Beit-El genoem.
- 16 Hulle het van Beit-El af weggegaan en toe daar nog 'n ent pad oor was om by Efrat te kom, het Ragel geboorte gegee en sy het 'n moeilike geboorte gehad.
- 17 Dit het so gebeur dat terwyl sy dit moeilik gehad het by die geboorte, die vroedvrou vir haar sê: “Moenie vrees nie, want u sal ook hierdie seun hê.”
- 18 Toe haar gees en lewe uitgaan, want sy het gesterf, noem sy hom Ben-Oni, maar sy vader het hom Binyamin genoem.
- 19 So is Ragel dood en is begrawe op die pad na Efrat, wat Beit-Legem is.
- 20 Ya'akov het 'n pilaar op haar graf opgesit; dit is die pilaar van die graf van Ragel tot vandag toe.
- 21 Yisra'el het weggegaan en sy tent opgeslaan aan die anderkant van Migdal-'Eder.

- 22 Dit het gebeur terwyl Yisra'el in dié land bly, Re'uven gegaan en by Bilhah, sy vader se byvrou, ^{Deut 22:30} gelê het en Yisra'el het daarvan gehoor. ^{Gen 49:3,4; Lev 20:11} Ya'akov het twaalf seuns gehad.
- 23 Die seuns van Le'ah was: Re'uven, die eersgeborene van Ya'akov, daarna Shim'on, Levi, Y'hudah, Yissakhar en Z'vulun.
- 24 Die seuns van Ragel was: Yosef en Binyamin.
- 25 Die seuns van Bilhah, die slavin van Ragel, was: Dan en Naftali.
- 26 Die seuns van Zilpah, die slavin van Le'ah, was: Gad en Asher. Dit is die seuns van Ya'akov wat vir hom in Paddan-Aram gebore is.
- 27 Ya'akov het by sy vader Yitz'gag gekom in Mamre, by Kiryat-Arba, dit is Hevron, waar Avraham en Yitz'gag as besoekers gebly het.
- 28 Die dae van Yitz'gag was honderd en tagtig jaar.
- 29 Yitz'gag het die asem uitgeblaas en is dood en hy is bymekaargemaak by sy volksgenote, oud en vervuld in dae en sy seuns 'Esav en Ya'akov het hom begrawe.

36 1 Dit is die nageslag van 'Esav, dit is Edom.

- 2 'Esav het sy vroue gevat uit die dogters van Kena'an: 'Adah, die dogter van Eilon, die Hittiet; Oholivamah, die dogter van 'Anah, die seun van Tziv'on, die Hiviet; 3 en Basmat, die dogter van Yishma'el, die suster van N'vayot.
- 4 'Adah het geboorte gegee aan Élifaz en Basmat het geboorte gegee aan Re'u'el vir 'Esav.
- 5 Oholivamah het geboorte gegee aan Ye'ush, Ya'lam en Korag. Hierdie is die seuns van 'Esav wat vir hom gebore is in die land Kena'an.
- 6 'Esav vat sy vroue, sy seuns, sy dogters, al die mense van sy huis, sy vee, al sy diere en al sy besittings wat hy in die land Kena'an verkry het en hy gaan na 'n land, wêg van die teenwoordigheid van sy broer Ya'akov af,
- 7 want hulle besittings was te veel om saam te bly en die land waar hulle besoekers was, kon hulle nie dra vanweë hulle vee nie.
- 8 'Esav het gaan woon in die Se'ir gebergte. 'Esav is Edom. ^{Deut 2:5,22}
- 9 Hierdie is die nageslag van 'Esav, die vader van die Edomiete, in die Se'ir berge.
- 10 Dit is die name van die seuns van 'Esav: Élifaz, die seun van 'Adah, die vrou van 'Esav; Re'u'el, die seun van Basmat, die vrou van 'Esav.
- 11 Die seuns van Élifaz was: Teman, Omar, Tzefo, Ga'tam en K'naz.
- 12 Timnah was 'n byvrou van Élifaz, die seun van 'Esav en sy het vir Élifaz geboorte gegee aan 'Amalek. Hierdie is die seuns van 'Adah, die vrou van 'Esav. ^{Deut 25: 17-19}
- 13 Hierdie is die seuns van Re'u'el: Nagat, Zerag, Shammah en Mizah. Dit was die seuns van Basmat, die vrou van 'Esav.
- 14 Hierdie was die seuns van die vrou van 'Esav, Oholivamah, die dogter van 'Anah, die seun van Tziv'on; sy het vir 'Esav geboorte gegee aan Ye'ush, Ya'lam en Korag.
- 15 Hierdie is die stamhoofde onder die seuns van 'Esav. Die seuns van Élifaz, die eersgeborene van 'Esav, was: die stamhoof Teman, die stamhoof Omar, die stamhoof Tzefo, die stamhoof K'naz,

- 16 die stamhoof Korag, die stamhoof Ga'tam, die stamhoof 'Amalek. Dit is die stamhoofde van Élifaz in die land Edom; dit is die seuns van 'Adah.
- 17 Hierdie is die seuns van Re'u'el, die seun van 'Esav: die stamhoof Nagat, die stamhoof Zerag, die stamhoof Shammah, die stamhoof Mizah. Dit is die stamhoofde van Re'u'el in die land Edom. Hierdie was die seuns van Basmat, die vrou van 'Esav.
- 18 Hierdie is die seuns van Oholivamah, die vrou van 'Esav: die stamhoof Ye'ush, die stamhoof Ya'lam, die stamhoof Korag. Dit is die stamhoofde van die vrou van 'Esav, Oholivamah, die dogter van 'Anah.
- 19 Hierdie is die seuns van 'Esav en dit is hulle stamhoofde. Dit is Edom.
- 20 Hierdie is die seuns van Se'ir, die Horiet, wat gebly het in die land: Lotan, Shoval, Tziv'on, 'Anah,
- 21 Dishon, Etzer en Dishan. Hierdie is die stamhoofde van die Horiete, die seuns van Se'ir in die land Edom.
- 22 Die seuns van Lotan was Hori en Hemam en die suster van Lotan was Timnah.
- 23 Hierdie is die seuns van Shoval: 'Alvan, Managat, 'Eival, Sh'fo en Onam.
- 24 Hierdie is die seuns van Tziv'on: Ayah en 'Anah. Dit is dié 'Anah wat die warm fontein in die wildernis gekry het toe hy sy vader Tziv'on se donkies opgepas het.
- 25 Hierdie is 'Anah se seun: Dishon en Oholivamah was 'Anah se dogter.
- 26 Hierdie is die seuns van Dishon: Hemdan, Eshban, Yitran en K'ran.
- 27 Hierdie is die seuns van Etzer: Bilhan, Za'avan en 'Akan.
- 28 Hierdie is die seuns van Dishan: 'Utz en Aran.
- 29 Hierdie is die stamhoofde van die Horiete: die stamhoof Lotan, die stamhoof Shoval, die stamhoof Tziv'on, die stamhoof 'Anah,
- 30 die stamhoof Dishon, die stamhoof Etzer, die stamhoof Dishan. Dit is die stamhoofde van die Horiete volgens hulle stamme in die land Se'ir.
- 31 Hierdie is die konings wat regeer het in die land Edom voordat enige koning regeer het oor die seuns van Yisra'el:
- 32 Bela, die seun van B'or, het regeer in Edom en die naam van sy stad was Dinhavah.
- 33 Ná die dood van Bela het Yovav, die seun van Zerag, van Botzrah, in sy plek regeer.
- 34 Ná die dood van Yovav het Husham, uit die land van die Temani, in sy plek regeer.
- 35 Ná die dood van Husham het Hadad, die seun van B'dad, wat Midyan doodgeslaan het in die velde van Mo'av, in sy plek regeer en die naam van sy stad was 'Avit.
- 36 Ná die dood van Hadad het Samlah van Masrekah in sy plek regeer.
- 37 Ná die dood van Samlah het Sha'ul van Regovot, langs die rivier, in sy plek regeer.
- 38 Ná die dood van Sha'ul het Ba'al-Ganan, die seun van 'Akhbor, in sy plek regeer.
- 39 Ná die dood van Ba'al-Ganan, die seun van 'Akhbor, het Hadar in sy plek regeer en die naam van sy stad was Pa'u en die naam van sy vrou was M'heitav'el, die dogter van Matred, die dogter van Mei-Zahav.

- 40 Hierdie is die name van die stamhoofde van `Esav, volgens hulle families, volgens hulle blyplekke, met hulle name: die stamhoof Timna, die stamhoof `Alvah, stamhoof Y'tet,
 41 die stamhoof Oholivamah, die stamhoof Elah, die stamhoof Pinon,
 42 die stamhoof K'naz, die stamhoof Teman, die stamhoof Mivtzar,
 43 die stamhoof Magdi'el, die stamhoof `Iram. Hierdie was die stamhoofde van Edom, volgens hulle blyplekke in die land wat hulle besit het. Dit is `Esav, die vader van die Edomiete.

- 37** 1 Ya'akov het gebly in die land waar sy vader 'n besoeker was, in die land Kena'an.
 2 Hierdie is die geskiedenis van Ya'akov. Yosef, 'n jongman van sewentien jaar oud, het die kleinvee opgepas saam met sy broers; saam met die seuns van Bilhah en die seuns van Zilpah, die vroue van sy vader. Yosef het bese dinge geskinder oor hulle by sy vader.
 3 Yisra'el het Yosef meer liefgehad as al sy seuns, want hy was vir hom die seun van hoë ouderdom en hy het vir hom 'n lang kleed gemaak met lang moue.
 4 Toe sy broers egter sien dat hulle vader hom meer as al sy broers lief het, het hulle hom gehaat en kon nie vredevol en vriendelik met hom praat nie.
 5 Yosef het ook 'n droom gehad wat hy vir sy broers vertel het en hulle het hom nog meer gehaat.
 6 Hy het vir hulle gesê: "Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het.
 7 Let op, ons was besig om gerwe te bind op die land toe my gerf meteens opstaan en regop bly staan terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig."
 8 Sy broers sê vir hom: "Sal jy miskien koning wees oor ons? Of sal jy miskien oor ons heers?" Hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.
 9 Toe het hy nog 'n droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: "Let op, ek het nog 'n droom gehad; die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig."
 10 Toe hy dit vir sy vader en sy broers vertel, het sy vader hom hard bestraf en vir hom gesê: "Watter droom is dit wat jy gedroom het? Sal dit gebeur dat ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om op ons gesigte voor jou op die grond neer te val?"
 11 Sy broers was jaloers op hom, maar sy vader het wat hy gesê het bewaar. ^{Hand 7:9}
 12 Sy broers het hulle vader se kleinvee by Sh'khem gaan oppas.
 13 Yisra'el sê vir Yosef: "Pas jou broers nie die vee op by Sh'khem nie? Kom, laat ek jou na hulle toe stuur." Hy antwoord hom: "Hier is ek!"
 14 Hy sê vir hom: "Gaan asseblief en kyk of dit goed gaan met jou broers en of dit goed gaan met die vee en bring vir my woord terug." So het hy hom uit die dal van Hebron uit weggestuur en hy het by Sh'khem aangekom.
 15 'n Sekere man het hom gekry en let op, hy het in die veld rondgedwaal en die man vra vir hom: "Wat soek jy?"
 16 Hy antwoord: "Ek soek my broers. Vertel my asseblief waar hulle die vee oppas."

- 17 Die man sê: “Hulle het hiervandaan weggegaan, want ek het hulle hoor sê: ‘Laat ons na Dotan gaan’.” Yosef het agter sy broers aan gegaan en hulle in Dotan gekry.
- 18 Toe hulle hom van ver af sien voordat hy naby hulle kom, het hulle listig beplan om hom dood te maak.
- 19 Hulle het vir mekaar gesê: “Let op, die meester van drome kom!
- 20 Kom nou, laat ons hom doodmaak en in een van die putte gooi en ons sal sê: “’n Wilde dier het hom opgeëet’ en ons sal sien wat van sy drome word.”
- 21 Re’uven het dit gehoor en hy het hom uit hulle hand gered deur te sê: “Laat ons hom nie doodslaan nie.”
- 22 Re’uven het ook vir hulle gesê: “Moenie bloed vergiet nie; gooi hom in hierdie put wat in die wildernis is, maar moenie die hand aan hom slaan nie” sodat hy hom uit hulle hand kon red om hom na sy vader terug te bring.
- 23 Dit het so gebeur dat toe Yosef by sy broers kom, hulle Yosef se kleed uitgetrek het; die lang kleed met lang moue wat hy aangehad het;
- 24 hom gevat en in die put gegooi het. Die put was leeg; daar was geen water in nie.
- 25 Hulle het gaan sit om brood te eet en hulle het hulle oë opgelig en let op, hulle het ’n karavaan Arabiere gesien wat uit Gil’ad kom; hulle kamele gelaai met aromatiese gom, balsem en mirre op pad om dit af te vat na Mitzrayim.
- 26 Toe sê Y’udah vir sy broers: “Watter voordeel is daar as ons ons broer doodmaak en sy bloed wegsteek?
- 27 Kom, laat ons hom aan die Yishma’eliete verkoop, maar laat ons hand nie teen hom wees nie, want hy is ons broer, ons vlees.” Sy broers het saamgestem.
- 28 Toe die Midyanitiese handelaars verbykom, het hulle Yosef opgetrek en uit die put uitgehaal en Yosef aan die Arabiere verkoop vir twintig stukke silwer. Hulle het Yosef na Mitzrayim gevat.
- 29 Re’uven het by die put teruggekom en let op, Yosef was nie in die put nie en hy het sy klere geskeur
- 30 en na sy broers toe teruggegaan en gesê: “Die seun is nie meer daar nie en ek, waar moet ek heen?”
- 31 Hulle het Yosef se kleed gevat, ’n boklam geslag, die kleed in die bloed gedruk
- 32 en die lang kleed met lang moue weggestuur en na hulle vader laat bring met die woorde: “Dit het ons gekry. Kyk asseblief goed of dit die kleed van u seun is of nie.”
- 33 Hy het dit herken en gesê: “Dit is my seun se kleed! ’n Wilde dier het hom opgeëet. Verskeur, verskeur is Yosef!”
- 34 Ya’akov het sy klere geskeur en ’n sak aangetrek om sy heupe en hy het baie dae lank oor sy seun gerou.
- 35 Al sy seuns en al sy dogters het opgestaan om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: “Nee, treurende sal ek na my seun in Sh’ol afdaal!” So het sy vader oor hom gehuil.
- 36 Die Midyaniete het hom in Mitzrayim verkoop aan Potifar, ’n offisier van Farao, die bevelvoerder van die wag.

- 38** 1 Dit het gebeur dat Y'hudah in dié tyd van sy broers af weggegaan het tot by 'n man van 'Adulam met die naam van Hirah.
- 2 Y'hudah het daar die dogter van 'n Kena'anitiese man, met die naam van Shua, gesien, haar vir hom gevat en by haar ingegaan.
- 3 Sy het bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun en hy het hom die naam 'Er gegee.
- 4 Sy het weer bevrug geword en geboorte gegee aan 'n seun en hom die naam Onan gegee.
- 5 Sy het weer geboorte gegee aan 'n seun en hom Shelah genoem en hy was in K'ziv toe sy aan hom geboorte gegee het.
- 6 Y'hudah het vir 'Er, sy eersgeborene, 'n vrou gevat en haar naam was Tamar.
- 7 'Er, die eersgeborene van Y'hudah, was egter boos in die oë van יהוה en יהוה het hom doodgemaak.
- 8 Y'hudah sê vir Onan: "Gaan in by die vrou van jou broer en vervul jou plig as haar man se broer teenoor haar en voorsien vir jou broer 'n nageslag."
- 9 Onan het egter geweet dat die erfgenaam nie syne sou wees nie; daarom het dit so gebeur dat, elke keer as hy by die vrou van sy broer ingaan, hy dit op die grond gemors het om vir sy broer geen nageslag te gee nie.
- 10 Dit wat hy gedoen het was sleg in die oë van יהוה; daarom het Hy hom ook doodgemaak.
- 11 Toe sê Y'hudah vir Tamar, sy skoondogter: "Bly 'n weduwee in die huis van jou vader totdat my seun Shelah groot is, want hy het gedink: anders sterf hy ook soos sy broers! So het Tamar dan gaan woon in die huis van haar vader.
- 12 Ná verloop van geruime tyd is die dogter van Shua, die vrou van Y'hudah, dood en nadat Y'hudah vertroos is, het hy opgegaan na die skeerders van sy kleinvee, na Timnah toe, hy en sy vriend Hirah, die 'Adulamiet.
- 13 Dit is aan Tamar vertel en gesê: "Let op, jou skoonvader gaan op na Timnah om sy kleinvee te skeer."
- 14 Sy het haar weduweesklere uitgetrek en haar heeltemal bedek met 'n sluier en sy het gaan sit by die ingang van 'Einayim wat op die pad na Timnah lê, want sy het gesien dat Shelah groot geword het, maar dat sy nie aan hom as vrou gegee is nie.
- 15 Toe Y'hudah haar sien, het sy haar gesig toegemaak en hy het gedink sy is 'n prostituut
- 16 en hy het na haar toe uitgedraai by die pad en gesê: "Kom, laat my by jou ingaan," want hy het nie geweet dat dit sy skoondogter was nie. Sy vra: "Wat sal jy my gee om by my in te gaan?"
- 17 Hy antwoord: "Ek sal vir jou 'n boklam van die kleinvee af stuur." Toe sê sy: "Sal jy vir my 'n pand gee totdat jy dit stuur."
- 18 Hy sê: "Wat is die pand wat ek jou moet gee?" Sy antwoord: "Jou seëling met die bandjie en jou staf wat in jou hand is." Hy gee dit toe vir haar en gaan by haar in en sy is deur hom bevrug.
- 19 Sy het opgestaan, weggegaan, haar sluier afgehaal en haar weduweesklere aangetrek.

- 20 Y'hudah het die boklam gestuur saam met sy vriend, die 'Adulamiet, om die pand uit die hand van die vrou te gaan haal, maar hy kon haar nie kry nie.
- 21 Toe vra hy die manne van daardie plek en sê: "Waar is die prostituut wat in 'Einayim by die pad was?" Hulle antwoord: "Hier was geen prostituut nie."
- 22 Toe gaan hy terug na Y'hudah en sê: "Ek het haar nie gekry nie en die mense van die plek het ook gesê: 'Hier was geen prostituut nie'."
- 23 Toe sê Y'hudah: "Laat sy dit vir haarself hou dat ons nie 'n bespotting word nie, want ek het die boklam gestuur, maar jy het haar nie gekry nie."
- 24 Dit het so gebeur dat ná omtrent drie maande, hulle Y'hudah laat weet en gesê het: "Tamar, jou skoondogter, het gehoereer en sy is ook swanger deur haar hoerery!" Y'hudah sê: "Bring haar uit en laat sy verbrand word."
- 25 Toe sy uitgebring word, laat sy haar skoonvader dit weet: "By die man aan wie hierdie dinge behoort, is ek swanger." Sy het ook gesê: "Ondersoek asseblief aan wie hierdie seëlring, bandjie en staf behoort."
- 26 Y'hudah het dit herken en gesê: "Sy is meer regverdig as ek, want ek het haar nie aan my seun Shelah gegee nie." Hy het verder nie weer met haar 'n intieme verhouding gehad nie.
- 27 Dit het gebeur dat, toe sy geboorte gee, daar 'n tweeling in haar baarmoeder was.
- 28 So was dit toe sy geboorte gee dat een sy hand uitgesteek het en die vroedvrou het 'n rooi tou om sy hand gebind en gesê: "Hierdie een is eerste gebore."
- 29 Toe hy egter sy hand terugtrek, word sy broer gebore! Sy sê: "Hoe het jy deurgebreek?" Hulle het sy naam Peretz gegee.
- 30 Daarna het sy broer uitgekom aan wie se hand die rooi tou was en hulle het hom Zerag genoem.

39 1 Yosef is afgebring na Mitzrayim en Potifar, 'n offisier van Farao, die bevelvoerder van die lyfwag, 'n man van Mitzrayim, het hom gekoop uit die hand van die Arabiere wat hom daarheen afgevat het.

2 יהודה was by Yosef sodat hy 'n voorspoedige man was en hy het in die huis van sy meester, die Mitzrayimiet, gebly.

3 Toe sy meester sien dat יהודה met hom was en dat יהודה alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, ^{Hand 7:9}

4 het Yosef guns in sy oë gevind en hom gedien. Hy het hom aangestel oor sy hele huis en alles wat in sy besit was, aan sy hand toevertrou.

5 Vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het dit gebeur dat יהודה die huis van die Mitzrayimiet geseën het ter wille van Yosef; die seën van יהודה was op alles wat syne was, in die huis en op die veld.

6 Hy het alles wat syne was, in Yosef se hand gelos en hy was nie bewus van wat hy besit het nie behalwe net van die brood wat hy geëet het. Yosef het 'n mooi figuur gehad en was aantreklik om na te kyk.

7 Dit het gebeur dat ná hierdie dinge die vrou van sy meester haar oë na Yosef opgeslaan en gesê het: "Kom lê by my."

- 8 Hy het egter geweier en aan die vrou van sy meester gesê: “Let op, my meester neem geen kennis van wat in die huis is nie en alles wat syne is, het hy in my hand oorgegee.
- 9 Daar is niemand in hierdie huis groter as ek nie en hy het van my niks teruggehou nie, behalwe u omdat u sy vrou is; hoe kan ek hierdie groot boosheid doen en sondig teen God?”
- 10 Dit het gebeur nadat sy dag ná dag met Yosef gepraat het en hy nie na haar wou luister om by haar te lê of om by haar te wees nie,
- 11 hy eendag in die huis gekom het om sy werk te doen terwyl niemand van die mans van die huis binne was nie
- 12 en sy hom aan sy kleed gegryp en gesê het: “Kom lê by my.” Hy het egter sy kleed in haar hand laat agterbly en weggevlug en na buite gegaan.
- 13 Toe dit gebeur dat sy sien dat hy sy kleed in haar hand laat bly en buitentoe gevlug het,
- 14 roep sy na die mans van die huis en sê vir hulle: “Let op, hy het vir ons ’n Hebreër hier gebring om gek te skeer met ons; hy het na my toe gekom om by my te lê en ek het hard geskree
- 15 en dit het gebeur dat toe hy hoor dat ek my stem verhef en skree, hy sy kleed by my laat agterbly en weggevlug en na buite gegaan het.”
- 16 So het sy sy kleed by haar gehou totdat sy meester huis toe gekom het.
- 17 Sy het dieselfde woorde met hom gepraat en gesê: “Die Hebreëuse kneg wat jy vir ons gebring het, het na my toe gekom om gek te skeer met my
- 18 en dit het gebeur dat toe ek my stem verhef en skree, hy sy kleed by my laat agterbly en na buite gevlug het.”
- 19 Toe sy meester die woorde hoor waarmee sy vrou met hom praat: ‘So en so het jou slaaf aan my gedoen’, het hy baie kwaad geword
- 20 en Yosef se meester het hom gevat en hom in die tronk gesit op die plek waar die koning se gevangenes opgesluit is en hy was daar in die tronk.
- 21 יְהוֹנָתָן was egter by Yosef en Hy het met omgee na hom toe afgebuk en hom guns gegee in die oë van die bevelvoerder van die tronk.
- 22 Die bevelvoerder van die tronk het almal wat in die gevangenis opgesluit was in Yosef se hand oorgegee en alles wat hulle daar gedoen het, was sy werk.
- 23 Die bevelvoerder van die tronk het glad nie toesig gehou oor iets wat aan hom toevertrou is nie omdat יְהוֹנָתָן met hom was en wat hy ook al doen, het יְהוֹנָתָן voorspoedig gemaak. ^{Ps 1:3}
- 40** 1 Ná hierdie dinge het dit gebeur dat die hoof skinker en die hoof bakker van die koning van Mitzrayim oortree het teen hulle meester, die koning van Mitzrayim
- 2 en Faraó het in woede uitgebars teenoor sy twee hofdienaars, die hoof van die skinkers en die hoof van die bakkers.
- 3 Hy het hulle in bewaring gegee in die huis van die bevelvoerder van die lyfwag, in die tronk, die plek waar Yosef aangehou is
- 4 en die bevelvoerder van die lyfwag het Yosef by hulle aangestel om hulle te bedien en hulle was ’n tyd lank in bewaring.

- 5 Die skinker en die bakker van die koning van Mitzrayim, wat gevang en in die tronk gesit is, het altwee, elkeen afsonderlik, 'n droom gehad in dieselfde nag; elkeen 'n droom met sy eie betekenis.
- 6 Yosef het die volgende oggend by hulle ingekom en let op, hy sien dat hulle ontsteld is.
- 7 Toe vra hy die hofdienaars van Farao wat by hom in bewaring was in die huis van sy meester en sê: "Waarom lyk julle gesigte vandag so treurig?"
- 8 Hulle antwoord hom: "Ons het elkeen 'n droom gehad en daar is niemand wat dit kan uitleê nie." Yosef vra vir hulle: "Behoort uitlegging nie aan God nie? Vertel my asseblief."
- 9 Die hoof van die skinkers vertel aan Yosef sy droom en sê vir hom: "In my droom was daar 'n wingerdstok voor my
- 10 en aan die wingerdstok was daar drie ranke en dit was asof hy gebot het en sy bloeisel uitgeskiet het en sy trosse het ryp duiwe geword.
- 11 Die beker van Farao was in my hand en ek het die duiwe gevat, dit in die beker van Farao uitgedruk en die beker in die hand van Farao gesit."
- 12 Yosef sê vir hom: "Dit is die uitleg daarvan: die drie ranke is drie dae.
- 13 Na drie dae sal Farao jou kop oplig en jou in jou plek herstel en jy sal die beker van Farao in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.
- 14 Onthou my egter wanneer dit met jou goed gaan en bewys my asseblief 'n guns en praat van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit,
- 15 want waarlik, ek is gesteel uit die land van die Hebreërs en ek het hier ook niks gedoen waarvoor hulle my in die tronk gesit het nie."
- 16 Toe die voorman van die bakkers sien dat die uitleg gunstig was, sê hy vir Yosef: "Ek het ook in my droom drie mandjies met witbrood op my kop gesien
- 17 en in die boonste mandjie was allerhande gebakte eetgoed vir Farao en die voëls het dit uit die mandjie bo-op my kop afgepik."
- 18 Yosef antwoord hom en sê: "Dit is die uitleg daarvan: die drie mandjies is drie dae.
- 19 Na drie dae sal Farao jou kop van jou af weglig en jou aan 'n paal ophang en die voëls sal jou vleis van jou afpik.
- 20 Op die derde dag, die verjaarsdag van Farao, het dit gebeur dat hy 'n maaltyd vir al sy diensknegte voorberei het en die kop van die hoof van die skinkers en die kop van die hoof van die bakkers tussen sy diensknegte opgelig het.
- 21 Hy het die hoof van die skinkers herstel in sy skinkersamp en hy het die beker in die hand van Farao gegee,
- 22 maar die hoof van die bakkers het hy opgehang soos Yosef dit aan hulle uitgelê het.
- 23 Tog het die hoof van die skinkers nie aan Yosef gedink nie, maar hom vergeet.
- 41** 1 Dit het gebeur dat Farao twee jaar later gedroom het: let op, hy staan by die rivier
- 2 en let op, daar kom sewe koeie uit die rivier uit op wat mooi is om na te kyk en vet van vleis was en hulle het gaan wei in die vleigras.

- 3 Let op, ná hulle kom daar nog sewe koeie uit die rivier uit op wat lelik was om na te kyk en maer van vleis was en hulle het by die ander koeie op die wal van die rivier gaan staan.
- 4 Die koeie wat lelik was om na te kyk en maer van vleis was, het die sewe koeie wat mooi was om na te kyk en vet was, opgeëet. Toe het Farao wakker geword.
- 5 Hy het weer aan die slaap geraak en nog 'n keer gedroom en let op: sewe vet en mooi are skiet op aan een steel
- 6 en let op, ná hulle spruit daar sewe are uit wat maer en deur die oostewind verskroei is.
- 7 Die maer are het die sewe vet en vol are verslind. Toe het Farao wakker geword en kyk, dit was 'n droom!
- 8 Dié oggend was sy gees omgekrap en hy het gestuur en al die astroloë en al die geleerde manne van Mitzrayim laat roep en Farao het aan hulle sy drome vertel, maar nie een kon dit aan Farao uitleë nie.
- 9 Toe het die hoof van die skinkers met Farao gepraat en gesê: “Ek onthou my oortredinge op hierdie dag.
- 10 Toe Farao kwaad was vir sy diensknegte en my in bewaring gesit het in die huis van die bevelvoerder van die lyfwag, vir my en die hoof van die bakkers,
- 11 het ons elkeen in dieselfde nag 'n droom gehad, ek en hy; ons het elkeen 'n droom gedroom met sy eie betekenis.
- 12 Daar was by ons 'n Hebreeuse jongman, 'n kneg van die bevelvoerder van die lyfwag en ons het dit aan hom vertel en hy het ons drome vir ons uitleë; aan elkeen het hy uitleë volgens sy droom.
- 13 Dit het gebeur nêr soos hy dit vir ons uitleë het, só het dit gebeur; vir my het hy in my posisie herstel, maar hom opgehang.”
- 14 Toe het Farao gestuur en Yosef laat roep. Hulle het hom haastig uit die tronk uitgehaal en hy het hom geskeer en ander klere aangetrek en na Farao toe gekom.
- 15 Farao sê vir Yosef: “Ek het 'n droom gehad en daar is niemand wat dit kan uitleë nie, maar ek het gehoor daar is van jou gesê dat jy 'n droom kan verstaan om dit uit te lê.”
- 16 Yosef antwoord Farao en sê: “Dink u dat dit moontlik is dat ek sonder God vir Farao 'n antwoord van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid kan gee?”
- 17 Farao sê vir Yosef: “Let op, in my droom staan ek op die wal van die rivier
- 18 en let op, daar kom sewe koeie uit die rivier uit op wat mooi is om na te kyk en vet van vleis was en hulle het gaan wei in die vleigras.
- 19 Let op, ná hulle kom daar nog sewe koeie uit die rivier uit op wat lelik was om na te kyk en maer van vleis was; so sleg soos ek in die ganse Mitzrayim nog nooit gesien het nie.
- 20 Die maer en lelike koeie het die eerste sewe vet koeie opgeëet
- 21 en nadat dit in hulle maag ingegaan het, kon 'n mens nie sien dat hulle in hul maag ingegaan het nie, want hulle het net so lelik gelyk soos in die begin. Toe word ek wakker.
- 22 Ek het ook in my droom gesien; let op, sewe vol en mooi are skiet op aan een steel

- 23 en let op, ná hulle spruit daar sewe are uit wat verdor, maer en deur die oostewind verskroei was
- 24 en die sewe maer are het die sewe mooi are verslind. Ek het dit aan die astroloë vertel, maar niemand kon dit vir my vertolk nie.”
- 25 Yosef sê vir Farao: “Die drome van Farao is een. God het vir Farao gewys wat Hy op die punt staan om te doen.
- 26 Die sewe mooi koeie is sewe jare en die sewe mooi are is sewe jare; die drome is een.
- 27 Die sewe maer en lelike koeie wat ná hulle opgekom het, is sewe jare en die sewe maer, deur die oostewind verskroeiende are is sewe jare van hongersnood.”
- 28 Dit is wat ek vir Farao gesê het: “God het vir Farao gewys wat Hy op die punt staan om te doen.
- 29 Let op, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele land van Mitzrayim
- 30 en daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek en al die oorvloed sal in Mitzrayim vergeet word en die hongersnood sal die land vernietig.
- 31 Die oorvloed sal nie in die land opgemerk word weens die hongersnood wat daarna sal volg nie, want dit sal baie swaar wees.
- 32 Die droom is twee maal vir Farao herhaal omdat die saak deur God besluit is en God sal dit gou laat gebeur.
- 33 Laat Farao daarom soek na ’n onderskeidende en wyse man en hom aanstel oor die land van Mitzrayim.
- 34 Laat Farao so maak en opsigters oor die land aanstel om in die sewe jare van oorvloed ’n vyfde deel van die opbrengs van Mitzrayim bymekaar te maak
- 35 en hulle moet al die kos wat van hierdie goeie jare af inkom bymekaarmaak en onder leiding van Farao graan stoor as kos in die stede en dit bewaak.
- 36 Die kos sal ’n reserwe wees vir die land vir die sewe jare van hongersnood wat in Mitzrayim sal kom sodat die land nie deur die hongersnood vernietig sal word nie.”
- 37 Die boodskap was goed in die oë van Farao en van al sy diensknegte.
- 38 Farao het aan sy diensknegte gesê: “Kan ons iemand soos hierdie vind; ’n man in wie die Gees van God is?” Yog 14:17
- 39 Farao sê vir Yosef: “Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand so onderskeidend en wys soos jy nie.
- 40 Jy sal oor my huis wees en my hele volk sal regeer word volgens jou bevel; alleen aangaande die troon sal ek groter wees as jy.”
- 41 Farao het ook vir Yosef gesê: “Let op, ek het jou aangestel oor die hele land van Mitzrayim.” Hand 7:10
- 42 Farao trek sy seëlring van sy hand af en sit dit aan die hand van Yosef en hy het hom in fyn linne klere aangetrek en ’n goue ketting om sy nek gehang
- 43 en hom laat ry op sy tweede strydwa en hulle het voor hom uitgeroep: “Buig neer!” So het hy hom oor die hele land van Mitzrayim aangestel.
- 44 Farao sê vir Yosef: “Ek is Farao en sonder jou mag niemand sy hand of voet in die hele Mitzrayim ophang nie.”

- 45 Farao het Yosef Tzafnat-Pa'neag genoem en aan hom Asnat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On, as vrou gegee. Yosef het uitgegaan oor die hele Mitzrayim.
- 46 Yosef was dertig jaar oud toe hy voor Farao, die koning van Mitzrayim, gestaan het en Yosef het van Farao af weggegaan en die hele Mitzrayim deurreis.
- 47 In die sewe jaar van oorvloed het die land by die handevol opgelewer.
- 48 Hy het al die kos van die sewe jaar wat in Mitzrayim gekom het bymekaar gemaak en kos in die stede gestoor; die kos van die land wat rondom elke stad was, het hy daarin gestoor.
- 49 Yosef het 'n baie groot hoeveelheid graan bymekaar gemaak; soos die sand van die see totdat hulle opgehou het om te tel, want dit was sonder getal.
- 50 Vir Yosef is twee seuns deur Asnat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On, gebore voordat die jaar van hongersnood gekom het.
- 51 Yosef het die eersgeborene M'nasheh genoem, want, het hy gesê: "God het my al my harde werk en die hele huis van my vader laat vergeet."
- 52 Die naam van die tweede het hy Efrayim genoem, want, het hy gesê: "God het my vrugbaar gemaak in die land van my onderdrukking."
- 53 Die sewe jaar van oorvloed wat daar in Mitzrayim was, het geëindig
- 54 en die sewe jaar van hongersnood het begin kom soos Yosef gesê het en daar was hongersnood in al die lande, maar in die hele Mitzrayim was daar brood. ^{Hand 7:11}
- 55 Toe die hele Mitzrayim honger geword het en die volk na Farao geroep het om brood, sê Farao aan al die mense van Mitzrayim: "Gaan na Yosef, doen wat ook al hy sê."
- 56 Die hongersnood was oor die hele oppervlakte van die aarde en Yosef het al die stoorkamers oopgemaak en aan die Mitzrayimiete verkoop en die hongersnood het swaar geword in Mitzrayim.
- 57 Die hele wêreld het na Yosef in Mitzrayim gekom om graan te koop, want die hongersnood was swaar op die hele aarde.
- 42** 1 Toe Ya'akov sien dat daar graan in Mitzrayim was, het Ya'akov vir sy seuns gesê: "Hoekom kyk julle vir mekaar (is julle bang)?"
- 2 Hy sê: "Let op, ek het gehoor dat daar graan in Mitzrayim is; gaan daarheen af en koop vir ons graan daar sodat ons kan leef en nie sterf nie.
- 3 Yosef se tien broers het afgegaan na Mitzrayim om graan te koop,
- 4 maar Ya'akov het nie vir Binyamin, die broer van Yosef, saam met sy broers gestuur nie, want hy het gedink: sodat hy nie kan seerkry nie.
- 5 Die seuns van Yisra'el het gegaan om graan te koop saam met die ander wat afgegaan het, want daar was hongersnood in die land Kena'an. ^{Hand 7:11}
- 6 Yosef was meester oor die land, dit is hy wat aan al die mense van die land graan verkoop het. Yosef se broers het gekom en hulle voor hom neergebuig met hulle gesigte na die grond toe.
- 7 Yosef het sy broers gesien en hulle herken, maar het as vreemdeling teenoor hulle opgetree, hulle hard aangespreek en vir hulle gesê: "Vanwaar het julle gekom?" Hulle antwoord: "Vanaf die land Kena'an om kos te koop."

- 8 Yosef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie.
- 9 Yosef het die drome onthou wat hy aangaande hulle gedroom het en hy sê vir hulle: "Julle is spioene, julle het gekom om die oopheid van die land te sien."
- 10 Hulle het hom geantwoord: "Nee, my meester, maar u diensknegte het gekom om kos te koop.
- 11 Ons is almal seuns van een man, ons is eerlik; u diensknegte is nie spioene nie."
- 12 Hy sê vir hulle: "Nee, maar julle het gekom om die oopheid van die land te sien."
- 13 Hulle antwoord: "U diensknegte is twaalf broers, seuns van een man in die land Kena'an en kyk, die jongste is vandag by ons vader, maar die een is nie meer nie."
- 14 Yosef sê vir hulle: "Dit is soos wat ek vir julle gesê het: julle is spioene!
- 15 Hieraan sal julle getoets word: sowaar as Farao lief, julle sal hiervandaan nie weggaan tensy julle jongste broer hierheen kom nie.
- 16 Stuur een van julle dat hy julle broer gaan haal, maar julle sal in die tronk bly sodat julle woorde getoets kan word, of daar enige waarheid by julle is of nie; anders, sowaar as Farao lief, julle is spioene!"
- 17 Daarop het hy hulle almal saam vir drie dae lank in die tronk gehou.
- 18 Op die derde dag sê Yosef vir hulle: "Doen dit en lewe, want ek het respekvolle vrees vir God!
- 19 As julle eerlik is, laat een van julle broers gevange bly in die huis waar julle in die tronk is, maar gaan julle, vat die graan vir die hongersnood van julle huise
- 20 en bring julle jongste broer na my toe sodat julle woorde waar bewys word en julle sal nie sterwe nie. " Hulle het so gemaak.
- 21 Hulle sê vir mekaar: "Ons is waarlik skuldig vanweë ons broer omdat ons die benoudheid van sy wil, emosie, verstand en lewe gesien het toe hy ons gesmeek het en ons wou nie luister nie; daarom het sy benoudheid oor ons gekom."
- 22 Re'uven antwoord hulle en sê: "Het ek nie met julle gepraat en gesê: 'Moenie sondig teen die seun nie,' maar julle wou nie luister nie? Let op, daarom word sy bloed nou van ons geëis."
- 23 Hulle het nie geweet dat Yosef hulle verstaan nie, want hy het met hulle deur 'n tolk gepraat.
- 24 Hy het van hulle af weggedraai en gehuil en hy het weer na hulle teruggegaan en met hulle gepraat. Hy het Shim'on onder hulle uitgeneem en hom voor hulle oë vasgebind.
- 25 Yosef het beveel dat hulle sakke vol graan gemaak moet word, elkeen se geld weer in sy sak teruggesit word en dat vir hulle padkos vir die reis saam gegee word. Dit het hy vir hulle gedoen.
- 26 Hulle het die graan op hulle donkies gelaai en weggegaan.
- 27 Toe een van hulle sy sak oopmaak om vir sy donkie voer te gee in die herberg, sien hy sy geld en let op, dit was in die bek van sy sak!
- 28 Hy sê vir sy broers: "My geld is aan my teruggegee en kyk, dit is in my sak!" Hulle emosie, wil en verstand het hul begewe en hulle was bevrees en sê vir mekaar: "Wat is dit wat God aan ons gedoen het?"

- 29 Hulle het by hul vader Ya'akov in die land Kena'an gekom en aan hom alles vertel wat met hulle gebeur het en gesê:
- 30 "Die man wat die meester van die land is, het ons hard aangespreek en ons as spioene teen die land aangesien,
- 31 maar ons het vir hom gesê: 'Ons is eerlik, ons is nie spioene nie.
- 32 Ons is twaalf broers, seuns van ons vader; die een is nie meer nie en die jongste is vandag by ons vader in die land Kena'an.'
- 33 Die man, die meester van die land, het aan ons gesê: 'Hieraan sal ek weet dat julle eerlik is; laat een van julle broers by my en vat kos vir die hongersnood van julle huise en gaan,
- 34 bring julle jongste broer na my toe; so sal ek weet dat julle nie spioene is nie. As julle eerlik is, sal ek julle broer aan julle teruggee en julle mag in die land handel dryf.'
- 35 Dit het gebeur dat, soos hulle hulle sakke leegmaak, let op, elke man se bondeltjie geld in sy sak was! Toe hulle en hul vader die bondeltjies geld sien, was hulle bevrees.
- 36 Ya'akov, hulle vader, sê vir hulle: "Julle het my kinderloos gemaak. Yosef is nie, Shim'on is nie en Binyamin wil julle wegvat! Al hierdie dinge is teen my!"
- 37 Re'uven praat met sy vader en sê: "Maak my twee seuns dood as ek hom nie na u toe terugbring nie. Vertrou hom toe aan my hande en ék sal hom na u toe terugbring."
- 38 Hy sê egter: "My seun sal nie saam met julle afgaan nie, want sy broer is dood en hy het alleen oorgebly. As hy enige iets oorkom op die pad wat julle sal gaan, dan sal julle my grys hare met smart laat afgaan na Sh'ol.

43 1 Die hongersnood was swaar in die land.

- 2 Dit het gebeur dat toe die graan wat hulle uit Mitzrayim gebring het, opgeëet was, hulle vader vir hulle sê: "Gaan terug en koop vir ons 'n bietjie kos."
- 3 Y'hudah het met hom gepraat en gesê: "Die man het ons ernstig gewaarsku en gesê: 'Julle sal my gesig nie sien as julle broer nie by julle is nie.
- 4 As u ons broer saam met ons stuur, sal ons afgaan en vir u kos gaan koop,
- 5 maar as u hom nie wil stuur nie, sal ons nie afgaan nie, want die man het vir ons gesê: 'Julle sal my gesig nie sien as julle broer nie by julle is nie'."
- 6 Yisra'el sê: "Waarom het julle so boos teenoor my opgetree deur die man te vertel dat julle nog 'n broer het?"
- 7 Hulle antwoord: "Die man het reguit uitgevra na ons en ons familie met die woorde: 'Lewe julle vader nog? Het julle nog 'n broer?' Ons het dit met ons mond bevestig. Kon ons enigsins weet dat hy sou sê: 'Bring julle broer af?'"
- 8 Y'hudah sê aan sy vader Yisra'el: "Stuur die jongman saam met my; dan sal ons opstaan en gaan sodat ons kan leef en nie sterf nie; nie ons nie en ook nie u en ons kinders nie.
- 9 Ek sal self vir hom borg wees; van my hand sal u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek vir ewig die skuld dra,

- 10 want as ons nie uitgestel het nie, sou ons sekerlik nou al twee maal terug kon gewees het.”
- 11 Yisra’el, hulle vader, het vir hulle gesê: “As dit so moet wees, doen dan dít: vat van die beste vrugte van die land in julle sakke en bring vir die man ’n geskenk; ’n bietjie balsem en bietjie heuning, speserye en mirre, neute en amandels
- 12 en vat dubbel soveel geld in julle hand en vat die geld wat weer bo in julle sakke gesit is, in julle hand terug. Miskien was dit ’n fout.
- 13 Vat ook julle broer; staan op en gaan terug na die man
- 14 en mag El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) vir julle omgee gee by die man sodat hy julle ander broer en Binyamin vry kan laat! Ek: as my kinders weggevat is, dan is my kinders weggevat.”
- 15 So het die manne die geskenk, dubbel soveel geld in hulle hand en ook Binyamin saam met hulle gevat en hulle het opgestaan en na Mitzrayim afgegaan en voor Yosef gaan staan.
- 16 Toe Yosef Binyamin by hulle sien, sê hy aan die opsigter oor sy huis: “Bring die manne na my huis en slag ’n dier en maak dit gereed, want die manne sal vanmiddag saam met my eet.”
- 17 Die man het gedoen soos Yosef beveel het en die man het die manne in die huis van Yosef gebring.
- 18 Die manne was bang omdat hulle in die huis van Yosef gebring is en het gesê: “Dit is as gevolg van die geld wat die eerste keer in ons sakke teruggekom het dat ons ingebring is om ons te oorrumpel, ons te oorval en ons as slawe te vat, saam met ons donkies.”
- 19 Hulle het nader gekom na die opsiener oor die huis van Yosef en met hom gepraat by die ingang van die huis
- 20 en gesê: “Ag, meneer, ons het werklik die eerste keer afgetrek om kos te koop,
- 21 maar dit het gebeur dat toe ons in die herberg kom, ons ons sakke oopgemaak het en let op, elkeen se geld was bo in sy sak; ons geld in sy volle gewig en ons het dit in ons hand teruggebring.
- 22 Ons het ook ander geld in ons hand afgebring om kos te koop. Ons weet nie wie ons geld in ons sakke gesit het nie.”
- 23 Hy antwoord: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle! Moenie bang wees nie! Julle God en die God van julle vader het vir julle ’n skat in julle sakke gegee. Ek het julle geld gehad.” Hy het Shim’on na hulle toe uitgebring.
- 24 Die man het die manne in die huis van Yosef ingebring, vir hulle water gegee en hulle het hul voete gewas; hy het ook vir hulle donkies voer gegee.
- 25 Hulle het die geskenk reggemaak vir Yosef se koms die middag, want hulle het gehoor dat hulle daar brood sou eet.
- 26 Toe Yosef in die huis inkom, het hulle vir hom die geskenk ingebring wat in hulle hand was en op hulle gesigte op die grond voor hom neergeval.
- 27 Hy het hulle na hul welstand gevra en gesê: “Gaan dit goed met julle vader, die ou man waarvan julle gepraat het? Leef hy nog?”

- 28 Hulle antwoord: “U dienskneg, ons vader, is in goeie gesondheid; hy lewe nog” en hulle neergebuig na die grond toe.
- 29 Toe slaan hy sy oë op en sien sy broer Binyamin, die seun van sy moeder en sê: “Is dit julle jongste broer van wie julle met my gepraat het?” Hy sê ook: “God buk af na jou in guns, my seun!”
- 30 Yosef se binneste het verlang met omgee na sy broer en hy het gou gemaak om geleentheid te soek om te huil en hy het in sy kamer ingegaan en daar gehuil.
- 31 Hy het sy gesig gewas en uitgekom en homself beheer en gesê: “Bedien die kos!”
- 32 Toe bedien hulle hom afsonderlik en vir hulle afsonderlik en vir die Mitzrayimiete wat by hom eet, afsonderlik, want die Mitzrayimiete mag nie saam met die Hebreërs eet nie omdat dit vir die Mitzrayimiete 'n gruwel is.
- 33 Hulle het gaan sit voor hom, die eersgeborene volgens sy geboortereg en die jongste na sy jonkheid en die manne was verstom teenoor mekaar.
- 34 Hy het vir hulle porsies gegee vanaf die kos voor hom, maar Binyamin se porsie was vyf maal groter as enige van hulle s'n. Hulle het gedrink en saam met hom vrolik geword.
- 44** 1 Hy het opdrag gegee aan die opsigter oor sy huis en gesê: “Maak die sakke van die manne vol met kos, soveel as wat hulle kan vervoer en sit elkeen se geld in die bek van sy sak
- 2 en my beker, die silwer beker, in die jongste se sak saam met die geld vir sy graan.” Hy het gedoen volgens die woord wat Yosef gesê het.
- 3 Sodra die oggend gebreek het, is die manne weggestuur, hulle en hulle donkies.
- 4 Toe hulle uit die stad uitgetrek het en nog nie ver weg was nie, het Yosef vir die opsigter oor sy huis gesê: “Staan op en jaag die manne agterna en as jy hulle inhaal, vra hulle: ‘Waarom het julle boosheid vir die goeie terugbetaal?’
- 5 Is dit nie die een waaruit my meester drink en waarmee hy altyd voorspel nie? Julle het boos gehandel met wat julle gedoen het.’”
- 6 Hy het hulle ingehaal en hierdie selfde woorde met hulle gepraat.
- 7 Hulle sê vir hom: “Waarom praat meneer sulke woorde? Dit is ver van u diensknegte om so iets te doen.
- 8 Let op, geld wat ons bo in ons sakke gekry het, het ons uit die land Kena'an aan u teruggebring; hoe sou ons dan silwer of goud uit die huis van u meester kan steel?
- 9 By wie ook al van u diensknegte dit gekry word, laat hom sterf en ons sal ook my meester se slawe wees.”
- 10 Hy sê: “Nou laat dit ook wees soos julle gesê het. Dié een by wie dit gekry word, sal my slaaf wees en julle sal onskuldig wees.”
- 11 Elke man het gou gemaak en sy sak op die grond neergesit en elkeen het sy sak oopgemaak.
- 12 Hy het gesoek; hy het begin by die oudste en klaar gemaak by die jongste en die beker is in Binyamin se sak gekry.
- 13 Toe skeur hulle hul klere en elke man het sy donkie gelaai en teruggegaan na die stad toe.

- 14 Y'hudah en sy broers het in die huis van Yosef gekom en hy was nog daar en hulle het voor hom neergeval met hulle gesigte teen die grond.
- 15 Yosef sê vir hulle: "Watter daad is dit wat julle nou gedoen het? Weet julle nie dat 'n man soos ek dit ongetwyfeld vooruit kan sien nie?"
- 16 Y'hudah antwoord: "Wat sal ons vir my meester sê? Wat kan ons sê en waarmee kan ons onself regverdig? God het die oortreding van u diensknegte uitgevind. Let op, ons is my meester se slawe, ons sowel as hy by wie die beker gekry is."
- 17 Hy sê: "Dit is ver van my om so te doen; die man in wie se hand die beker gekry is, dié sal my slaaf wees en vir julle: gaan in vrede op na julle vader toe."
- 18 Toe kom Y'hudah nader na hom toe en sê: "O, my meester, laat u dienskneg asseblief 'n woord praat in die ore van my meester en laat u toorn nie teen u dienskneg ontvlam nie, want u is self soos Farao.
- 19 My meester het sy diensknegte gevra en gesê: 'Het julle 'n vader of broer?'
- 20 Ons het my meester geantwoord: 'Ons het 'n vader, 'n ou man en 'n seun uit sy hoë ouderdom, wat jonk is; sy broer is dood en hy het alleen oorgebly van sy moeder en sy vader het hom lief.'
- 21 U het aan u diensknegte gesê: 'Bring hom af na my toe dat ek my oog op hom kan rig.'
- 22 Ons het my meester geantwoord: 'Die jongman kan nie sy vader verlaat nie, want sy vader sal sterf as hy hom verlaat.'
- 23 U het egter aan u diensknegte gesê: 'As julle jongste broer nie saam met julle afkom nie, sal julle my gesig nie weer sien nie.'
- 24 Dit het gebeur dat, toe ons na u dienskneg, my vader, opgegaan het, ons aan hom die woorde van my meester vertel het.
- 25 Ons vader het gesê: 'Gaan terug en koop vir ons 'n bietjie kos.'
- 26 Ons het gesê: 'Ons kan nie afgaan nie. As ons jongste broer by ons is, dan sal ons afgaan, want ons mag die gesig van die man nie sien as ons jongste broer nie by ons is nie.'
- 27 U dienskneg, my vader, het aan ons gesê: 'Julle weet dat my vrou aan twee geboorte gegee het vir my;
- 28 die een het van my af weggegaan en ek het gesê: 'Verskeur, verskeur!' Ek het hom sedertdien nie gesien nie.
- 29 As julle nou hierdie een ook van my af wegvat en hy kom iets oor, dan sal julle my grys hare met smart na Sh'ol afvat.'
- 30 As ek daarom nou by u dienskneg, my vader, kom en die jongman is nie by ons nie terwyl sy lewe innig aan sy lewe vasgekleef is,
- 31 sal dit gebeur, as hy sien dat die jongman nie daar is nie, dat hy sal sterf en u diensknegte sal die grys hare van u dienskneg, ons vader, met smart in Sh'ol laat afgaan,
- 32 want u dienskneg het borg gestaan by my vader vir die jongman deurdat hy gesê het: 'As ek hom nie na u toe terugbring nie, sal ek vir ewig die skuld teenoor my vader dra.'
- 33 Laat u dienskneg daarom nou asseblief in die plek van die jongman my meester se slaaf bly en laat die seun saam met sy broers opgaan,

34 want hoe kan ek na my vader opgaan as die jongman nie by my is nie sodat ek net nie die bouse sien wat oor my vader sal kom nie?"

45 1 Toe kon Yosef hom nie langer inhou voor almal wat by hom gestaan het nie en hy roep uit: "Laat almal van my af uitgaan!" Niemand het by hom gestaan toe Yosef hom aan sy broers bekend gemaak het nie. Hand 7:13

2 Hy het hardop gehuil en die Mitzrayimiete, asook die huis van Farao het dit gehoor.

3 Yosef sê vir sy broers: "Ek is Yosef! Leef my vader nog?" Maar sy broers was nie in staat om hom te antwoord nie, want hulle het van binne gebewe oor sy teenwoordigheid.

4 Yosef sê vir sy broers: "Kom nader na my toe." Hulle het nader gekom. Hy sê: "Ek is julle broer Yosef vir wie julle na Mitzrayim toe verkoop het.

5 Moet egter nie nou spyt wees daaroor nie en laat daar geen kwaad in julle oë wees dat julle my hierheen verkoop het nie, want om lewens te red, het God my voor julle uitgestuur,

6 want daar was reeds hierdie twee jaar hongersnood in die land en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.

7 God het my voor julle uitgestuur om julle as 'n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.

8 Dit was nou nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God en Hy het my 'n vader vir Farao gemaak, meester oor sy hele huis en 'n heerser in die hele Mitzrayim.

9 Maak gou, gaan op na my vader en sê vir hom: 'So sê u seun Yosef: God het my meester oor die hele Mitzrayim gemaak. Kom af na my toe, moenie versuim nie!

10 U sal in die land Goshen bly en sal naby my wees, u, u kinders, u kindskinders, u kleinvee, u beeste en alles wat u besit

11 en ek sal u daar versorg sodat u nie verarm nie, u en u huis en alles wat aan u behoort, want daar sal nog vyf jaar hongersnood wees.'

12 Let op, julle oë en die oë van my broer, Binyamin, sien dat dit my mond is wat met julle praat.

13 Julle sal my vader vertel van al my eer en oorfloed in Mitzrayim en van alles wat julle gesien het en julle sal gou maak en my vader afbring hierheen."

14 Hy het sy broer Binyamin om die nek geval en gehuil en Binyamin het op sy nek gehuil.

15 Meer nog, hy het al sy broers gesoen en oor hulle gehuil en daarna het sy broers met hom gepraat.

16 Die verslag daarvan is in die huis van Farao gehoor: dat Yosef se broers gekom het en dit was goed in die oë van Farao en van sy diensknegte.

17 Farao het vir Yosef gesê: "Sê aan jou broers: 'Doen dit, laai julle diere en gaan weg na die land Kena'an

18 en gaan haal julle vader en julle huisgesinne en kom na my toe, dan sal ek julle die goeie van Mitzrayim gee en julle sal die vet van die land eet.'

19 Jy is nou beveel; doen dit: vat vir julle uit Mitzrayim waens vir julle kinders en julle vroue en bring julle vader en kom.

- 20 Julle hoef geen spyt te hê oor julle besittings nie, want die beste van die hele Mitzrayim is julle s'n."
- 21 Die seuns van Yisra'el het toe so gedoen en Yosef het vir hulle waens gegee volgens die bevel van Farao en vir hulle voorsiening gegee vir die reis.
- 22 Hy het aan hulle almal, man vir man, 'n stel nuwe klere gegee, maar vir Binyamin het hy drie honderd stukke silwer en vyf stelle klere gegee.
- 23 Hy het ook aan sy vader gestuur: tien donkies, gelaai met die goeie dinge van Mitzrayim en tien donkiemerries, gelaai met graan, brood en kos vir sy vader se reis.
- 24 So het hy sy broers weggestuur, hulle het vertrek en hy het vir hulle gesê: "Moenie bang word op die pad nie."
- 25 Hulle het opgegaan uit Mitzrayim uit en in die land Kena'an aangekom by hulle vader Ya'akov.
- 26 Hulle het hom vertel: "Yosef lewe nog en hy heers oor die hele Mitzrayim." Sy binneste het lam geword, want hy het hulle nie geglo nie,
- 27 maar toe hulle hom al die woorde van Yosef vertel wat hy met hulle gepraat het en hy die waens sien wat Yosef gestuur het om hom te vervoer, het die gees van Ya'akov, hulle vader, lewendig geword.
- 28 Yisra'el het gesê: "Dit is genoeg! My seun Yosef lewe nog! Ek sal gaan en hom sien voordat ek sterf."
- 46** 1 Yisra'el het vertrek met alles wat aan hom behoort het, by Be'er-Sh'va gekom en offers gebring aan die God van sy vader Yitz'gak.
- 2 God het met Yisra'el gepraat deur visioene in die nag en uitgeroep: "Ya'akov, Ya'akov!" Hy antwoord: "Hier is ek!"
- 3 Hy sê: "Ek is die Magtige God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Mitzrayim af te gaan nie, want Ek sal daar van jou 'n groot nasie maak.
- 4 Ek sal saam met jou afgaan na Mitzrayim en Ek sal opstaan en jou weer laat terugkom en Yosef sal sy hande op jou oë sit wanneer jy sterf."
- 5 Ya'akov het opgestaan vanaf Be'er-Sh'va en die seuns van Yisra'el het hulle vader Ya'akov met hulle kinders en hulle vroue op die waens gelaai wat Farao gestuur het om hom te vervoer.
- 6 Hulle het hul vee en besittings wat hulle in die land Kena'an bymekaargemaak het gevat en in Mitzrayim gekom, Ya'akov en al sy saad saam met hom.
- 7 Sy seuns en sy kleinseuns; sy dogters en sy kleindogters en al sy saad het hy saam met hom na Mitzrayim gebring.
- 8 Dit is die name van die seuns van Yisra'el wat na Mitzrayim gegaan het; Ya'akov en sy seuns. Die eersgeborene van Ya'akov was Re'uven.
- 9 Die seuns van Re'uven: Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi.
- 10 Die seuns van Shim'on: Y'mu'el, Yamin, Ohad, Yakhin, Tzogar en Sha'ul, die seun van die Kena'anitiese vrou.
- 11 Die seuns van Levi: Gershon, K'hat en M'rari.
- 12 Die seuns van Y'hudah: 'Er, Onan, Shelah, Peretz en Zerag, maar 'Er en Onan het gesterf in die land Kena'an. Die seuns van Peretz was Hetzron en Hamul.

- 13 Die seuns van Yissakhar: Tola, Pu'ah, Yashuv en Shimron.
- 14 Die seuns van Z'vulun: Sered, Elon en Yagle'el.
- 15 Hierdie was die seuns van Le'ah waaraan sy geboorte gegee het vir Ya'akov in Paddan-Aram, saam met sy dogter Dinah; al die lewens van sy seuns en sy dogters was drie en dertig.
- 16 Die seuns van Gad: Tzifyon, Haggi, Shuni, Etzbon, 'Eri, Arodi en Ar'eli.
- 17 Die seuns van Asher: Yimnah, Yishvah, Yishvi, B'ri'ah en hulle suster Serag. Die seuns van B'ri'ah: Hever en Malki'el.
- 18 Hierdie was die seuns van Zilpah wat Lavan vir sy dogter Le'ah gegee het. Sy het geboorte gegee aan hierdie sestion lewens vir Ya'akov.
- 19 Die seuns van Ragel, die vrou van Ya'akov: Yosef en Binyamin.
- 20 Vir Yosef is M'nasheh en Efrayim in Mitzrayim gebore, wat gebore is uit Asnat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On.
- 21 Die seuns van Binyamin: Bela, Bekher, Ashbel, Gera, Na'aman, Egi, Rosh, Mupim, Hupim en Ard.
- 22 Hierdie was die seuns van Ragel wat vir Ya'akov gebore is, almal saam veertien siele.
- 23 Die seun van Dan: Hushim.
- 24 Die seuns van Naftali: Yagze'el, Guni, Yetzer en Shillem.
- 25 Hierdie was die seuns van Bilhah wat Lavan aan sy dogter Ragel gegee het. Sy het geboorte gegee aan hulle vir Ya'akov, almal saam sewe lewens.
- 26 Al die lewens wat saam met Ya'akov na Mitzrayim gegaan het en uit sy lendene voortgekom het, behalwe vir die vroue van die seuns van Ya'akov, was almal saam ses en sestig lewens.
- 27 Die seuns van Yosef wat vir hom in Mitzrayim gebore is, was twee. Al die lewens van die huis van Ya'akov wat in Mitzrayim ingekom het, was sewentig. ^{Hand 7:14}
- 28 Hy het Y'hudah voor hom uitgestuur na Yosef sodat dié voor hom uit die pad moes wys na Goshen en hulle het in die land Goshen aangekom.
- 29 Yosef het sy strydwa voorberei en opgegaan na Goshen om sy vader Yisra'el te ontmoet. Hy het homself voor hom gestel, hom om sy nek geval en lank op sy nek gehuil.
- 30 Yisra'el sê vir Yosef: "Laat my nou sterf aangesien ek jou gesig gesien het en dat jy nog leef!"
- 31 Yosef het vir sy broers en die huis van sy vader gesê: "Ek sal opgaan en aan Farao rapporteer en sê: 'My broers en die wat in die huis van my vader in die land Kena'an was, het na my toe gekom.
- 32 Die manne pas beeste op, want hulle was veeboere en hulle het hul kleinvee en hul beeste en alles wat hulle het, saamgebring.'
- 33 So sal dit wees, as Farao julle laat roep en sê: 'Wat is julle beroep?'
- 34 dan moet julle antwoord: 'U diensknegte is veeboere van ons jeug af tot nou toe, ons, sowel as ons vaders' sodat julle in die land Goshen kan woon, want elke herder van kleinvee is 'n gruwel vir die Mitzrayimiete."

- 47** 1 Yosef het gekom en aan Farao verslag gegee en gesê: “My vader en my broers en hulle kleinvee en beeste en alles wat hulle besit, het gekom uit die land Kena'an en let op, hulle is nou in die land Goshen.”
- 2 Hy het vyf man vanuit sy broers saamgevat en hulle aan Farao voorgestel.
- 3 Farao sê vir sy broers: “Wat is julle beroep?” Hulle antwoord Farao: “U diensknegte is herders van kleinvee, ons, sowel as ons vaders.”
- 4 Hulle sê ook vir Farao: “Ons het gekom om as besoekers in die land te bly, want u diensknegte het geen weiding vir hulle kleinvee nie omdat die hongersnood in die land Kena'an swaar is; daarom nou, laat asseblief u diensknegte in die land Goshen woon.”
- 5 Farao het met Yosef gepraat en gesê: “Jou vader en jou broers het na jou toe gekom.
- 6 Mitzrayim lê voor jou oop; laat jou vader en jou broers in die beste deel van die land bly; laat hulle in die land Goshen bly. As jy enige manne onder hulle ken wat die vermoë het, stel hulle dan aan as hoof herders oor my vee.”
- 7 Yosef bring sy vader Ya'akov in en stel hom aan Farao voor. Ya'akov het Farao geseën.
- 8 Farao sê vir Ya'akov: “Hoeveel is die dae van jou lewensjare?”
- 9 Ya'akov het Farao geantwoord: “Die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol boosheid was die dae van my lewensjare en hulle het nie die dae van die lewensjare van my vaders, gedurende die dae van hulle verblyf as besoekers, bereik nie.” ^{Lev 25:23}
- 10 Ya'akov het Farao geseën en van Farao af weggegaan.
- 11 Yosef het Ya'akov en sy broers gevestig en vir hulle land gegee in Mitzrayim, in die beste deel van die land, in die landstreek Ra'amses, soos Farao beveel het.
- 12 Yosef het sy vader en sy broers en die hele huis van sy vader met kos onderhou, ooreenkomstig die monde van die kinders.
- 13 Daar was in die hele land geen brood nie, want die hongersnood was baie swaar sodat Mitzrayim en die land Kena'an swak geword het weens die hongersnood.
- 14 Yosef het, vir die koring wat hulle gekoop het, al die geld wat in Mitzrayim en in die land Kena'an te vinde was, bymekaar gemaak en Yosef het die geld in die paleis van Farao gebring.
- 15 Toe die geld in Mitzrayim en in die land Kena'an op was, het al die Mitzrayimiete na Yosef gekom en gesê: “Gee vir ons brood, want waarom moet ons voor u oë sterf, want die geld is op?”
- 16 Yosef antwoord: “Gee julle vee, dan sal ek vir julle brood gee vir die vee as die geld op is.”
- 17 Toe bring hulle hul vee na Yosef toe en Yosef het vir hulle brood gegee vir die perde, die kleinvee, die beeste van die troppe en vir die donkies en hy het hulle dié jaar gevoed met brood vir die waarde van al hulle vee.

- 18 Toe dié jaar verby was, het hulle na hom gekom in die volgende jaar en vir hom gesê: “Ons kan dit nie vir my meester wegsteek nie, maar die geld is op en my meester het ons vee en beeste. Daar het niks voor my meester oorgebly nie as net ons liggame en ons grond.
- 19 Waarom moet ons voor u oë doodgaan, ons sowel as ons grond? Koop ons en ons grond vir brood, dan sal ons met ons grond vir Farao dien en gee vir ons saad dat ons kan leef en nie sterf nie en dat die grond nie verlate word nie.”
- 20 Yosef het al die grond van Mitzrayim vir Farao opgekoop, want die Mitzrayimiete het elkeen sy stuk grond verkoop omdat die hongersnood vir hulle te swaar was. So het die land, Farao se eiendom geword.
- 21 Wat die volk betref; hy het hulle laat verhuis na die stede, van die een grens van Mitzrayim tot by die ander grens.
- 22 Net die grond van die priesters het hy nie gekoop nie, want die priesters het ’n deel wat deur Farao voorgeskryf was, ontvang en hulle het hulle voorgeskrewe deel geëet wat Farao vir hulle gegee het; daarom het hulle hul grond nie verkoop nie.
- 23 Toe sê Yosef vir die volk: “Let op, ek het julle en jul grond vandag vir Farao gekoop: let op, hier is saad vir julle, julle moet die grond besaai
- 24 en dit sal wees dat by die insameling, julle ’n vyfde deel aan Farao moet afgee en die ander vier dele sal julle eiendom wees as saad vir die land, as voedsel vir julleself en vir die wat in julle huise is en as kos vir julle kinders.
- 25 Hulle antwoord: “U het ons lewe gered. Laat ons guns vind in die oë van my meester, dan sal ons diensknegte van Farao wees.
- 26 Yosef het dit ’n wet gemaak vir die land van Mitzrayim tot vandag toe; ’n vyfde deel behoort aan Farao. Net die grond van die priesters alleen het nie die eiendom van Farao geword nie.
- 27 Yisra’el het in Mitzrayim gebly, in die land Goshen en hulle het gebly op grond wat hulle besit het en gegroei en uitermate vermeerder.
- 28 Ya’akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya’akov, die jare van sy lewe, een honderd sewe en veertig jaar was.
- 29 Die tyd van Yisra’el om dood te gaan het nader gekom en hy het sy seun Yosef laat roep en vir hom gesê: “As ek nou guns in jou oë gevind het, sit asseblief jou hand onder my dy en bewys vir my omgee en waarheid; moet my asseblief nie in Mitzrayim begrawe nie,
- 30 maar laat my by my vaders lê. Jy sal my uit Mitzrayim uitdra en my in hulle grafte begrawe.” Hy antwoord: “Ek sal doen soos u gesê het.”
- 31 Hy sê: “Sweer dit vir my.” Hy het dit vir hom gesweer. Yisra’el het in aanbidding plat gaan lê oor die kop van die bed.
- 48** 1 Dit het gebeur ná hierdie dinge dat hulle vir Yosef gesê het: “Let op, u vader is siek.” Hy het sy twee seuns, M’nasheh en Efrayim, saam met hom gevat.
- 2 Ya’akov is vertel en gesê: “Kyk, u seun Yosef kom na u toe.” Yisra’el het sy krag bymekaargemaak en regop op die bed gaan sit.
- 3 Ya’akov het vir Yosef gesê: “El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) het aan my verskyn by Luz, in die land Kena’an en my geseën

- 4 en vir my gesê: 'Let op, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak en Ek sal aan jou saad ná jou hiêrdie land as ewige besitting gee.'
- 5 Nou, jou twee seuns, Efrayim en M'nasheh, wat vir jou in Mitzrayim gebore is voordat ek in Mitzrayim na jou toe gekom het, is myne; soos Re'uven en Shim'on sal hulle myne wees,
- 6 maar jou nakomelinge wat jy ná hulle verwek het, sal joune wees. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in dié se erfdeel.
- 7 Wat my betref, toe ek van Paddan-Aram af gekom het, het Ragel langs my gesterf in die land Kena'an, op reis, toe daar nog 'n kort ent pad oor was om by Efrat te kom en ek het haar daar begrawe langs die pad na Efrat, dit is Beit-Legem."
- 8 Yisra'el sien die seuns van Yosef en sê: "Wie is hierdie?"
- 9 Yosef antwoord sy vader: "Hulle is my seuns wat God my in hierdie plek gegee het." Hy sê: "Bring hulle asseblief na my toe en ek sal hulle seën."
- 10 Nou, die oë van Yisra'el het dof geword van ouderdom sodat hy nie kon sien nie. Hy het hulle nader gebring en hy het hulle gesoen en hulle omhels.
- 11 Yisra'el sê vir Yosef: "Ek het nie gedink om jou gesig te sien nie en kyk, God het my ook jou saad laat sien."
- 12 Yosef het hulle van langs sy knieë af gebring en met sy gesig op die grond gaan lê.
- 13 Yosef vat hulle altwee: Efrayim met sy regterhand na Yisra'el se linkerhand en M'nasheh met sy linkerhand na Yisra'el se regterhand en bring hulle na hom toe.
- 14 Yisra'el steek sy regterhand uit en lê dit op die kop van Efrayim, wat die jongste was en sy linkerhand op die kop van M'nasheh deur sy hande te kruis. M'nasheh was die eersgeborene.
- 15 Hy het Yosef geseën en gesê: "Die God voor wie se Teenwoordigheid my vaders Avraham en Yitz'gag geleef het, die God wat my gevoed het van my geboorte af tot hierdie dag toe,
- 16 die Boodskapper wat my losgekoop het uit alle boosheid, seën die seuns, mag my naam oor hulle uitgeroep word en die naam van my vaders Avraham en Yitz'gag en laat hulle groei tot 'n menigte op die aarde."
- 17 Toe Yosef sien dat sy vader sy regterhand op die kop van Efrayim gelê het, het sy oë bevange geword en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die kop van Efrayim op die kop van M'nasheh oor te sit.
- 18 Yosef sê vir sy vader: "Nie so nie, my vader, want hierdie een is die eersgeborene; lê u regterhand op sy kop."
- 19 Sy vader weier egter en sê: "Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word en hy sal ook groot word, maar waarlik, sy jongste broer sal groter wees as hy en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word."
- 20 Hy het hulle dáárdie dag geseën en gesê: "Deur jou sal Yisra'el seën en sê: 'Mag God jou maak soos Efrayim en soos M'nasheh!'" So het hy Efrayim voor M'nasheh gestel.
- 21 Toe sê Yisra'el vir Yosef: "Let op, ek sterf, maar God sal by julle wees en Hy sal julle terugbring na die land van julle vaders.

22 Ek gee bo jou broers vir jou Sh'khem, wat ek met my swaard en my boog van die Emoriete afgevat het."

49 1 Ya'akov het sy seuns geroep en gesê: "Staan rondom dat ek julle kan vertel wat oor julle sal kom in die laaste dae.

2 Kom bymekaar en hoor, seuns van Ya'akov en luister na Yisra'el, julle vader!

3 Re'uven, jy is my eersgeborene, my krag en die begin van my sterkte; die uitstaande in verhevenheid en die uitstaande in sterkte!

4 Soos opbruisende waters sal jy nie vooruitgaan nie, want jy het opgegaan na jou vader se bed; waarlik, jy het my bed onteer deur op te gaan daarin. ^{Gen 35:22}

5 Shim'on en Levi is broers. Hulle wapens is implemente van geweld.

6 My wil, emosie, verstand en gees het nie saamgestem met hulle raad nie; ek het my ook nie verlaag om in hulle vergadering te sit nie, want in hulle kwaadwees slaan hulle mans dood en in hulle woede vernietig hulle 'n stadsmuur.

7 Vervloek is hulle woede, want dit is heftig en hulle wraak, want dit is wreed. Ek sal hulle verdeel in Ya'akov en hulle verstrooi in Yisra'el.

8 Y'hudah, jy is die een; jou broers sal jou loof en dank met uitgestrekte hande. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig.

9 Y'hudah is 'n jong leeu; ^{Open 5:5} van die prooi af het jy opgegaan, my seun. Hy buig af, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?

10 Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees. ^{Yes 2:3; Yog 5:46}

11 Hy maak sy donkie vas aan die wingerdstok en die vul van sy donkie aan die edelste wynstok; hy was sy klere in wyn en sy kledingstukke in die sap van druiwe.

12 Sy oë skitter van wyn en sy tande is wit van melk.

13 Z'vulun sal woon by die seestrand en hy sal 'n hawe word vir die skepe, langs Tzidon.

14 Yissakhar is 'n sterk donkie wat lê tussen twee laste.

15 Hy het gesien dat die rusplek goed en die land lieflik is. Hy het sy skouer gebuig om 'n las te dra en hy het 'n slaaf geword van eerbewys.

16 Dan sal sy mense oordeel as 'n stam van Yisra'el.

17 Dan sal 'n slang daar langs die pad wees, 'n adder op die pad, wat die perd aan die hakskene byt sodat sy ruiters agteroorval.

18 Op U verlossing wag ek, יהוה!

19 Gad sal uitgaan om te plunder en hy sal sy vyande se hakskene agtervolg.

20 Brood van Asher sal ryk wees en hy sal koninklike lekkernye voortbring.

21 Naftali is soos 'n wildsbok wat vrygelaat is, hy laat mooi woorde hoor.

22 Yosef is 'n gedissiplineerde seun, 'n geleerde seun, 'n vrugbare tak by 'n fontein; sy takke het oor die muur geklim.

23 Die boogskutters het met hom baklei en baie in getal was jaloers op hom,

24 maar hy het sy boog in krag gebuig en sy arms is versterk deur die hande van die Magtige Een van Ya'akov; deur die Herder, die Mag van Yisra'el:

- 25 'Mag die Magtige God van jou vader, jou help en die Almagtige jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die diepte wat daaronder lê, met seëninge van borste en baarmoeder.
- 26 Die seëninge van jou vader het tot die uiterste grense van die ewige heuwels bly staan, bo die seëninge van my voorgeslag. Dit sal wees op die kop van Yosef; op die kroon van die kop van hom wat die prins is van sy broers.'
- 27 Binyamin is 'n verskeurende wolf; in die oggend eet hy sy prooi en in die aand deel hy buit uit.
- 28 Hierdie is al twaalf die stamme van Yisra'el en dit is wat hulle vader vir hulle gesê het. Hy het hulle geseën en hy het hulle elkeen volgens sy eie seën geseën.
- 29 Hy het hulle beveel en vir hulle gesê: "Ek word byeengebring by my mense. Begrawe my by my vaders in die grot wat in die veld van 'Efron, die Hittiet, is;
- 30 in die grot wat in die veld van Makhpelah is, wat voor Mamre lê, in die land Kena'an; die veld wat Avraham van 'Efron, die Hittiet, as eiendom vir 'n graf gekoop het.
- 31 Daar het hulle Avraham en Sarah, sy vrou, begrawe; daar het hulle Yitz'gag en Rivkah, sy vrou begrawe en daar het ek Le'ah begrawe;
- 32 die veld en die grot wat daarin is, wat gekoop is van die seuns van Het."
- 33 Toe Ya'akov klaar bevele aan sy seuns gegee het, het hy sy voete teruggetrek op die bed en sy asem uitgeblaas en hy is by sy volksgenote byeengebring.

- 50** 1 Yosef het op sy vader se gesig geval en oor hom gehuil en hom gesoen.
- 2 Yosef het aan sy diensknegte, die geneeshere, bevel gegee om sy vader te balsem en die geneeshere het Yisra'el gebalsem.
- 3 Veertig dae is vir hom voltooi, want dit is die dae wat voltooi word vir die wat gebalsem word. Die Mitzrayimiete het sewentig dae lank oor hom gehuil.
- 4 Toe die dae van huil oor hom verby was, het Yosef met die huis van Farao gepraat en gesê: "As ek nou guns in julle oë gevind het, sê dit asseblief voor die ore van Farao:
- 5 My vader het my laat sweer en gesê: 'Let op, ek gaan sterf; in my graf wat ek vir my in die land Kena'an uitgekap het, daar moet jy my begrawe.' Laat my nou asseblief opgaan en my vader begrawe en terugkom."
- 6 Farao sê: "Gaan op en begrawe jou vader soos hy jou laat sweer het."
- 7 Toe het Yosef opgegaan om sy vader te begrawe en al die diensknegte van Farao, die oudstes van sy huis en al die oudstes van Mitzrayim het saam met hom opgegaan;
- 8 ook die hele huis van Yosef en sy broers en die huis van sy vader. Net hulle kinders, hulle kleinvee en hulle beeste het hulle in die land Goshen laat agterbly.
- 9 Saam met hom het strydwagens en ruiters opgegaan en dit was 'n baie groot trek.
- 10 Toe hulle by die dorsvloer van Atad kom, wat anderkant die Yarden lê, het hulle daar 'n groot en baie pynlike roulag gehou. Hy het dat hulle sewe dae oor sy vader rou.
- 11 Toe die inwoners van die land, die Kena'aniete, die roubedryf by die dorsvloer van Atad sien, sê hulle: "Dit is 'n hartseer rou vir die Mitzrayimiete." Hulle het dit daarom Avel-Mitzrayim genoem, wat aan die anderkant van die Yarden lê.

- 12 So het sy seuns vir hom gedoen net soos hy hulle beveel het:
- 13 sy seuns het hom weggebring na die land Kena'an en hom begrawe in die grot in die veld van Makhpelah, die stuk grond voor Mamre wat Avraham van 'Efron, die Hittiet as eiendom vir 'n graf gekoop het.
- 14 Nadat hy sy vader begrawe het, het Yosef na Mitzrayim teruggegaan, hy en sy broers en almal wat saam met hom opgegaan het.
- 15 Toe die broers van Yosef sien dat hulle vader dood is, het hulle gesê: "Miskien sal Yosef 'n wrok teen ons hou en teruggaan en ons terugbetaal vir al die boosheid wat ons hom aangedoen het!"
- 16 Hulle stuur daarom 'n boodskapper na Yosef en sê: "Voordat u vader dood is, het hy bevel gegee met hierdie woorde:
- 17 'So moet julle vir Yosef sê: "Asseblief, ek smeeek jou, vergewe tog die oortreding van jou broers en hulle sonde, want hulle het boosheid aan jou gedoen." Nou, asseblief vergewe die oortreding van die diensknegte van die God van u vader." Yosef het gehuil toe hulle met hom praat.
- 18 Sy broers het ook self gegaan en voor hom op hulle gesigte neergeval en gesê: "Let op, ons is u slawe."
- 19 Yosef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie, want ek is 'n dienskneg van God.
- 20 Wat julle betref: julle het wel boosheid teen my bedink, maar God het dit ten goede beplan om te doen soos dit vandag is, om baie mense te red tot die lewe.
- 21 Wees daarom nou nie bang nie: ék sal vir julle en julle kinders sorg." So het hy hulle dan getroos en met hulle binneste gepraat.
- 22 Yosef het in Mitzrayim gebly, hy en die huis van sy vader. Yosef het honderd en tien jaar geleef.
- 23 Yosef het van Efrayim seuns gesien tot in die derde geslag. Ook die kinders van Makhir, die seun van M'nasheh, is op Yosef se knieë gebore.
- 24 Yosef sê aan sy broers: "Ek is sterwend, maar God sal julle onthou en julle hier uitbring na die land wat Hy aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het."
- 25 Yosef het die seuns van Yisra'el laat sweer en gesê: "God sal julle onthou om julle te besoek en julle sal my bene opdra van hier."
- 26 Yosef is dood, honderd en tien jaar oud en hulle het hom gebalsem en in 'n kis gesit in Mitzrayim.

Die tweede boek van die Verbond (Tanakh)

Die tweede boek van die Instruksies (Torah)

Eksodus

(שְׁמוֹת - Sh'mot - Name)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

- 1 Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Mitzrayim ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom:
- 2 Re'uven, Shim'on, Levi en Y'hudah;
- 3 Yissakhar, Z'vulun en Binyamin;
- 4 Dan, Naftali, Gad en Asher.
- 5 Al hierdie lewens wat uit Ya'akov se lendene voortgekom het, was sewentig siele, maar Yosef was reeds in Mitzrayim. ^{Hand 7:14}
- 6 Yosef, al sy broers en daardie hele geslag is dood.
- 7 Die kinders van Yisra'el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en hulle het die land gevul.
- 8 Daar het 'n nuwe koning oor Mitzrayim opgestaan wat Yosef nie geken het nie.
- 9 Hy het aan sy mense gesê: "Let op, die volk van die seuns van Yisra'el is meer en kragtiger as ons.
- 10 Kom, laat ons hulle met wysheid hanteer sodat hulle nie kan vermeerder en in die geval van oorlog, hulle ook by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land uit weggaan nie."
- 11 Hulle het daarom taakmeesters oor hulle aangestel om hulle te onderdruk met harde arbeid en hulle het die voorraadstede Pitom en Ra'amses vir Farao gebou.
- 12 Hoe meer hulle hul onderdruk het, hoe meer het hulle vermenigvuldig en versprei en hulle was bang vir die seuns van Yisra'el.
- 13 Die Mitzrayimiete het die seuns van Yisra'el om hierdie rede hard laat werk
- 14 en hulle lewe bitter gemaak deur swaar werk met klei, bakstene en deur allerhande werk in die landerye. Al dié werk wat hulle hul laat doen het, was met hardheid.
- 15 Die koning van Mitzrayim het met die Hebreëuse vroedvroue; die een se naam was Shifrah en die ander se naam Pu'ah, gepraat
- 16 en gesê: "Wanneer julle die Hebreëuse vroue by 'n geboorte help en hulle op die geboortestoele sien: as dit 'n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit 'n dogter is, moet sy lewe."
- 17 Die vroedvroue het God egter respektvol gevrees en nie gedoen soos die koning van Mitzrayim hulle beveel het nie, maar die seuns laat lewe.
- 18 Toe laat die koning van Mitzrayim die vroedvroue roep en hy sê vir hulle: "Waarom het julle hierdie ding gedoen en die seuns laat lewe?"
- 19 Die vroedvroue sê vir Farao: "Die Hebreëuse vroue is nie soos die Mitzrayimiete nie, want hulle is sterk. Voordat die vroedvrou by hulle kom, het hulle reeds geboorte gegee."
- 20 God was tevrede met die vroedvroue en die volk het vermenigvuldig en uitermate baie geword.
- 21 So was dit: omdat die vroedvroue God respektvol gevrees het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.
- 22 Farao het sy hele volk beveel en gesê: "Al die seuns wat gebore word, moet julle in die rivier (Nyl) gooi, maar al die dogters moet julle laat lewe."

- 2 1 'n Man uit die huis van Levi het gegaan en 'n dogter van Levi as vrou gevat.
2 Die vrou het swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun. Toe sy sien dat hy pragtig was, het sy hom drie maande lank weggesteek.
3 Toe sy hom nie langer kon wegsteek nie, het sy vir hom 'n houer van papirus gevat en dit met lymgrond en pik gesmeer en sy het die seun daarin gesit en dit in die riete aan die kant van die rivier gesit.
4 Sy suster het op 'n afstand gaan staan om uit te vind wat met hom sou gebeur.
5 Farao se dogter het na die rivier afgegaan om te bad terwyl haar diensmeisies aan die kant van die rivier loop. Toe sy die houer tussen die papirus sien, stuur sy haar slavin en laat dit haal.
6 Toe sy dit oopgemaak het, sien sy die seun en let op, dit was 'n seun wat huil! Sy het hom jammer gekry en gesê: "Dit is een van die seuns van die Hebreërs."
7 Toe sê sy suster aan die dogter van Farao: "Sal ek vir u 'n vrou wat voed uit die Hebreëuse vroue gaan roep sodat sy vir u die seuntjie kan versorg?"
8 Farao se dogter antwoord haar: "Gaan." Die jong meisie het geloop en die seun se moeder geroep.
9 Farao se dogter sê vir haar: "Vat hierdie seun en voed hom vir my en ek sal jou loon vir jou gee." Die vrou het die seun gevat en hom gevoed.
10 Die seun het gegroei en sy het hom na Farao se dogter gebring en hy het haar seun geword. Sy het hom Mosheh genoem en gesê: "Ek het hom uit die water uitgehaal."
11 Dit het gebeur in dié dae toe Mosheh al opgegroeï het dat hy na sy broers uitgegaan en hulle laste gesien het. Hy het gesien hoe 'n Mitzrayimiet 'n Hebreër, een van sy broers, slaan.
12 Hy het hierdie kant en daardie kant gekyk en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Mitzrayimiet doodgemaak en hom in die sand weggesteek.
13 Hy het die volgende dag uitgegaan en let op, twee Hebreërs baklei met mekaar en hy vra vir die bese oortreder: "Waarom slaan jy die ander persoon?"
14 Hy antwoord: "Wie het jou as heerser en regter oor ons aangestel? Beplan jy om my dood te slaan soos jy die Mitzrayimiet doodgemaak het?" Mosheh was bang en het gesê: "Waarlik, die ding is bekend!" ^{Hand 7:28}
15 Toe Farao van dié saak hoor, het hy probeer om Mosheh dood te maak, maar Mosheh het van Farao af weggevlug en in die land Midyan ^{Gen 25:2} gaan woon en hy het by 'n put gesit.
16 Die nie-Levitiese priester van Midyan het sewe dogters gehad en hulle het gekom en water getrek en die drinkbakke vol gemaak om hulle vader se kleinvee te laat drink.
17 Die herders het gekom en hulle weggedryf, maar Mosheh het opgestaan en hulle gehelp en hulle vee laat drink.
18 Toe hulle by hul vader, Re'u'el, kom, sê hy: "Waarom het julle vandag so gou gemaak?"
19 Hulle antwoord: "'n Mitzrayimiet het ons uit die hand van die herders verlos en wat meer is, ook vir ons water getrek en die vee laat drink."

- 20 Hy sê vir sy dogters: “Waar is hy dan? Waarom het julle die man daar laat staan? Nooi hom dat hy iets kan eet.”
- 21 Mosheh het ingewillig om by die man te bly en hy het sy dogter Tzipporah vir Mosheh gegee.
- 22 Sy het vir hom geboorte gegee aan ’n seun en hy het sy naam Gershom genoem, want hy het gesê: ‘Ek het ’n besoeker in ’n vreemde land geword.’ ^{Hand 7:29}
- 23 Dit het gebeur na ’n lang tyd dat die koning van Mitzrayim dood is. Die seuns van Yisra’el het gesug as gevolg van die slawerny en hulle het uitgeroep en die uitroep oor hulle slawerny het opgegaan na God toe.
- 24 God het hulle gesug gehoor en God het Sy verbond met Avraham, met Yitz’gak en met Ya’akov onthou.
- 25 God het aandag gegee aan die seuns van Yisra’el en God het met hulle ’n verbondsverhouding gehad.
- 3** 1 Mosheh het sy skoonvader Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, se kleinvee opgepas. Hy het die kleinvee na die westekant van die wildernis gedryf en by Horev, die berg van God, gekom.
- 2 Die boodskapper van יהוה het aan hom in ’n brandende vuur uit die middel van ’n doringbos verskyn. Hy het gekyk en let op, die doringbos het gebrand met vuur en tog het die doringbos nie uitgebrand nie!
- 3 Mosheh sê: “Ek sal afdraai en kyk na hierdie wonderlike verskynsel, waarom die doringbos nie opbrand nie.”
- 4 Toe יהוה sien dat hy afgedraai het om te kyk, roep God na hom vanuit die doringbos en sê: “Mosheh, Mosheh!” Hy antwoord: “Hier is ek.”
- 5 Hy sê: “Moenie nader kom nie. Trek jou sandale van jou voete af, want die plek waar jy staan, is afgesonderde grond.”
- 6 Verder sê Hy: “Ek is die God van jou vader, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov.” ^{Mat 22:32; Mar 12:26; Luk 20:37; Hand 3:13} Mosheh het sy gesig weggesteek, want hy was bang om na God te kyk.
- 7 יהוה sê: “Ek het aandag gegee aan die onderdrukking van My volk wat in Mitzrayim is en Ek het hulle uitroep oor hulle taakdrywers gehoor, want Ek is bewus van hulle smarte.
- 8 Ek het afgekom om hulle uit die hand van die Mitzrayimiete te bevry en hulle te laat opgaan uit daardie land na ’n goeie en uitgestrekte land, na ’n land wat vloei met melk en heuning, na die blyplek van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete.
- 9 Nou, let op, die uitroepe van die seuns van Yisra’el het tot by My gekom en Ek het ook die onderdrukking gesien waarmee die Mitzrayimiete hulle onderdruk.
- 10 Kom daarom nou en Ek sal jou na Farao stuur sodat jy My volk, die kinders van Yisra’el, uit Mitzrayim kan uitbring.” ^{Hand 7:34}
- 11 Mosheh sê vir God: “Wie is ek dat ek na Farao sal gaan en dat ek die kinders van Yisra’el uit Mitzrayim sal uitbring?”

- 12 Hy antwoord: “Ek sal sekerlik by jou wees en dit sal vir jou ’n teken wees dat Ek jou gestuur het: wanneer jy die volk uit Mitzrayim uitgebring het, sal julle יהוה op hierdie berg aanbid.”
- 13 Mosheh sê vir God: “Let op, as ek by die seuns van Yisra’el kom en vir hulle sê: ‘Die God van julle vaders het my na julle toe gestuur’ en hulle my vra: ‘Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)?’ Wat sal ek hulle antwoord?”
- 14 God sê vir Mosheh: “אֲנִי אֶשֶׁר אֶהְיֶה (EK IS WIE EK IS) [Tydloos, onveranderlik].” Ook sê Hy: “So moet jy die seuns van Yisra’el antwoord: אֲנִי אֶשֶׁר אֶהְיֶה (EK IS) [Tydloos, onveranderlik] het my na julle toe gestuur.” ^{Open 1:4,8}
- 15 Verder sê God vir Mosheh: “Dit moet jy vir die seuns van Yisra’el sê: ‘יהוה’, die God van julle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov, het my na julle toe gestuur.” ^{Hand 3:13} Dit is My ewige Naam (Karakter en Outoriteit) en dit is hoe van My gepraat word van geslag tot geslag.
- 16 Gaan en maak die oudstes van Yisra’el bymekaar en sê vir hulle: ‘יהוה’, die God van julle vaders, die God van Avraham, Yitz’gak en Ya’akov, het aan my verskyn en gesê: Ek gee sekerlik vir julle om en het gesien wat word aan julle in Mitzrayim gedoen
- 17 en Ek het besluit Ek wil julle uit die ellende van Mitzrayim laat opgaan na die land van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiëte, na ’n land wat vloei met melk en heuning.’
- 18 Hulle sal na jou luister. Jy en die oudstes van Yisra’el moet na die koning van Mitzrayim gaan en julle moet vir hom sê: ‘יהוה’, die God van die Hebreërs, het ons ontmoet; laat ons asseblief nou drie dagreise ver die wildernis intrek en aan יהוה, ons God, offer.’
- 19 Ek weet dat die koning van Mitzrayim julle nie sal laat gaan nie, behalwe deur ’n sterk hand;
- 20 daarom sal Ek My hand uitsteek en Mitzrayim met al My wonders slaan wat Ek daarin sal doen en daarna sal hy julle laat gaan.
- 21 Ek sal aan hierdie volk guns gee in die oë van die Mitzrayimiete en dit sal gebeur dat wanneer julle gaan, julle nie met leë hande sal gaan nie,
- 22 maar elke vrou moet van haar buurvrou en van haar wat in haar huis besoek, silwer en goue voorwerpe en klere vra en julle moet dit op julle seuns en dogters sit en so dit van die Mitzrayimiete afvat.”
- 4** 1 Mosheh antwoord en sê: “Maar veronderstel hulle glo my nie en luister nie na wat ek sê nie, maar sê: יהוה het nie aan jou verskyn nie?”
- 2 יהוה vra vir hom: “Wat is daar in jou hand?” Hy antwoord: “’n Staf.”
- 3 Toe sê Hy: “Gooi dit op die grond.” Toe gooi hy dit op die grond en dit het ’n slang geword en Mosheh het vir dit gevlug.
- 4 יהוה sê vir Mosheh: “Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert.” Hy het sy hand uitgesteek en dit gegryp en dit het ’n staf in sy hand geword.
- 5 “Sodat hulle kan glo dat יהוה, die God van hulle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov, aan jou verskyn het.”

- 6 יְהוָה het verder vir hom gesê: “Steek nou jou hand in jou boesem.” Hy het sy hand in sy boesem gesteek en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu!
- 7 Hy sê: “Steek jou hand weer in jou boesem.” Hy het sy hand weer in sy kleed gesteek en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!
- 8 “Dit sal wees as hulle jou nie glo en reageer op die eerste teken nie, dan mag hulle die daaropvolgende teken glo
- 9 en as hulle selfs hierdie twee tekens nie glo nie en nie luister na wat jy sê nie, vat dan van die rivier se water en gooi dit op die droë grond uit; dan sal die water wat jy uit die rivier vat, bloed word op die droë grond.”
- 10 Mosheh sê vir יְהוָה: “Asseblief יְהוָה, ek was nog nooit ’n man van woorde nie; nie onlangs nie en ook nie in die verlede nie en ook nie vandat U met U kneg gepraat het nie, want ek is stadig van spraak en van tong.”
- 11 יְהוָה antwoord hom: “Wie het die mens se mond gemaak, of Wie maak hom stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, יְהוָה, nie?
- 12 Gaan nou en Ek self sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.”
- 13 Hy sê: “O, יְהוָה, stuur asseblief die boodskap deur wie se hand U wil.”
- 14 Toe brand die woede van יְהוָה teen Mosheh en Hy sê: “Is Aharon, die Leviet, nie jou broer nie? Ek weet dat hy goed kan praat en let op, hy gaan ook reeds uit om jou te ontmoet en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy wil, emosie en verstand.
- 15 Jy moet met hom praat en die woorde in sy mond sit en Ék self sal met jou mond en sy mond wees en julle leer wat julle moet doen.
- 16 Meer nog, hy moet namens jou met die volk praat en hy sal vir jou soos ’n mond wees en jy sal vir hom in die plek van God wees.
- 17 Vat hierdie staf, waarmee jy die tekens sal doen, in jou hand.”
- 18 Mosheh het weggegaan en by sy skoonvader Yitro teruggekom en hy sê vir hom: “Laat my asseblief teruggaan na my broers wat in Mitzrayim is, om te sien of hulle nog lewe.” Yitro sê vir Mosheh: “Gaan in vrede.”
- 19 יְהוָה het vir Mosheh in Midyan gesê: “Gaan terug na Mitzrayim, want al die manne wat jou lewe gesoek het, is dood.”
- 20 Mosheh vat toe sy vrou en sy seuns en laat hulle op ’n donkie ry en gaan terug na die land van Mitzrayim. Mosheh het ook die staf van God in sy hand gevat.
- 21 יְהוָה sê vir Mosheh: “Wanneer jy teruggaan na Mitzrayim, kyk dat jy al daardie wonders voor Farao doen wat Ek in jou hand gesit het en Ék sal sy wil, emosie en verstand onveranderlik maak sodat hy nie die volk sal laat gaan nie.
- 22 Dan moet jy vir Farao sê: ‘So sê יְהוָה: Yisra’el is My seun, My eersgeborene’^{Rom 9:4-15}
- 23 en Ek sê vir jou: Laat my seun gaan dat hy My kan dien en as jy weier om hom te laat gaan, let op, Ek sal jou seun doodmaak, jou eersgeborene’.”
- 24 Dit het op die pad in die herberg gebeur dat יְהוָה hom teëgekom het en hom wou doodmaak.
- 25 Toe vat Tzipporah ’n skerp klip en sny die voorhuid van haar seuns af en gooi dit voor Mosheh se voete en sê: “Waarlik, jy is vir my ’n bloedbruidegom!”
- 26 Hy het hom toe laat staan. Toe het sy gesê: “Jy is ’n bloedbruidegom!” - as gevolg van die besnydenis.

- 27 יהוה het ook vir Aharon gesê: “Gaan ontmoet Mosheh in die wildernis.” Hy het gegaan en hom by die berg van God ontmoet en hom gesoen.
- 28 Mosheh vertel vir Aharon al die woorde van יהוה waarmee Hy hom gestuur het en al die tekens wat Hy hom beveel het om te doen.
- 29 Mosheh en Aharon het gegaan en al die oudstes van die seuns van Yisra'el laat bymekaarkom
- 30 en Aharon het al die woorde gepraat wat יהוה aan Mosheh gesê het en die tekens voor die oë van die volk gedoen.
- 31 Die volk het geglo en toe hulle hoor dat יהוה die seuns van Yisra'el besoek het en aandag gegee het aan hulle onderdrukking, het hulle laag neergebuig en plat op hulle gesigte gaan lê.
- 5** 1 Daarna het Mosheh en Aharon ingegaan en vir Farao gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra'el: ‘Laat My volk gaan dat hulle vir My ’n fees kan hou in die wildernis.’”
- 2 Farao antwoord: “Wie is יהוה dat ek Sy stem moet gehoorsaam om Yisra'el te laat gaan? Ek het nie ’n verbondsverhouding met יהוה nie en ek sal Yisra'el ook nie laat gaan nie.”
- 3 Hulle sê: “Die God van die Hebreërs het met ons ontmoet; laat ons nou drie dagreise ver die woestyn intrek en aan יהוה, ons God, offer sodat Hy ons nie oorval met peste of die swaard nie.”
- 4 Die koning van Mitzrayim antwoord hulle: “Mosheh en Aharon, waarom hou julle die volk van hulle werk af? Gaan terug na julle werk toe.”
- 5 Farao sê ook: “Let op, die mense van die land is nou reeds baie en julle het hulle laat ophou met hulle werk.”
- 6 Farao het daarom op dieselfde dag aan die taakmeesters en hulle opsigters bevel gegee en gesê:
- 7 “Julle moet geen strooi meer aan die volk gee om bakstene te maak soos gister en eergister nie. Laat hulle gaan en vir hulleself strooi bymekaarmaak.
- 8 Die hoeveelheid bakstene wat hulle gister en eergister gemaak het, moet julle van hulle verwag en niks daarvan verminder nie, want hulle verslap en daarom roep hulle uit en sê: ‘Laat ons gaan en aan ons God offer!’
- 9 Laat meer werk op die manne gelaai word sodat hulle daaraan kan werk en nie misleidende woorde oorweeg nie.”
- 10 Die taakmeesters en die opsigters van die volk het uitgegaan en met die volk gepraat en gesê: “So sê Farao: ‘Ek sal nie vir julle strooi gee nie.
- 11 Gaan haal self vir julle strooi waar julle dit kan kry, maar geen van julle werk word verminder nie’.”
- 12 Toe is die volk oor die hele Mitzrayim versprei om stoppels te versamel vir strooi
- 13 en die taakmeesters het op hulle gedruk en gesê: “Voltooi julle werk volgens die eis van elke dag net soos toe daar strooi was.”
- 14 Die opsigters van die seuns van Yisra'el wat Farao se taakmeesters oor hulle aangestel het, is geslaan en gevra: “Waarom het julle gister en vandag nie soos tevore julle voorgeskrewe hoeveelheid stene gemaak nie?”

- 15 Die opsigters van die seuns van Yisra'el het daarom gegaan en uitgeroep na Farao en gesê: "Waarom maak u so met u diensknegte?"
- 16 Daar word geen strooi aan u slawe gegee nie en hulle sê vir ons: 'Maak bakstene!' Let op, u diensknegte word geslaan, maar die skuld lê by u mense."
- 17 Hy antwoord egter: "Julle is lui, baie lui en sê daarom: 'Laat ons gaan en aan יהוה offer.'
- 18 Gaan dus nou en werk, want geen strooi sal vir julle gegee word nie en tog moet julle die hoeveelheid bakstene lewer."
- 19 Die opsigters van die seuns van Yisra'el het gesien dat dit sleg met hulle gaan omdat daar gesê is: "Julle mag jul bakstene, volgens die eis van elke dag, nie verminder nie."
- 20 Toe hulle by Farao uitkom het hulle Mosheh en Aharon teëgekom, wat daar gestaan en wag het vir hulle
- 21 en sê vir hulle: "יהוה kyk na julle en oordeel julle omdat julle ons gehaat gemaak het in die oë van Farao en in die oë van sy diensknegte, deur 'n swaard in hulle hand te gee om ons dood te maak."
- 22 Mosheh het teruggegaan na יהוה en gesê: "יהוה, waarom het U skade op die mense gebring? Waarom het U my dan gestuur,
- 23 want sedert ek na Farao gegaan het om in U Naam (Karakter en Outoriteit) te praat, het hy skade aan hierdie mense gedoen en U het ook glad nie U volk gered nie?"
- 6** 1 Toe sê יהוה vir Mosheh: "Nou sal jy sien wat Ek aan Farao sal doen, want as gevolg van 'n sterk hand sal hy hulle laat gaan en as gevolg van 'n magtige arm sal hy hulle uit sy land uitdryf."
- 2 God het met Mosheh gepraat en vir hom gesê: "Ek is יהוה.
- 3 Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?
- 4 Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het
- 5 en Ek het ook die gesug van die seuns van Yisra'el, wat deur die Mitzrayimiete in slawerny gehou word, gehoor en Ek het My verbond onthou.
- 6 Sê daarom vir die seuns van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayimiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele. Hand 13:17
- 7 Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle onder die las van die Mitzrayimiete uitbring
- 8 en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is יהוה."
- 9 Mosheh het toe so met die seuns van Yisra'el gepraat, maar hulle het nie na Mosheh geluister nie, vanweë hulle moedeloosheid en die wrede slawerny.
- 10 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 11 “Gaan praat met Farao, die koning van Mitzrayim dat hy die seuns van Yisra’el uit sy land moet laat uitgaan.”
- 12 Mosheh het in die Teenwoordigheid van יהוה gepraat en gesê: “As die seuns van Yisra’el nie na my geluister het nie, hoe sal Farao dan na my luister, want ek is onbeholpe om te praat?”
- 13 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en vir hulle ’n opdrag gegee vir die seuns van Yisra’el en vir Farao, die koning van Mitzrayim, om die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uit te vat.
- 14 Hierdie is die hoofde van hulle vader se huise. Die seuns van Re’uven, die eersgeborene van Yisra’el: Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi; dit is die families van Re’uven.
- 15 Die seuns van Shim’on: Y’mu’el, Yamin, Ohad, Yakhin, Tzogar en Sha’ul, die seun van die Kena’anitiese vrou; dit is die families van Shim’on.
- 16 Hierdie is die name van die seuns van Levi volgens hulle geslagte: Gershon, K’hat en M’rari. Die lewensjare van Levi was honderd sewe en dertig jaar.
- 17 Die seuns van Gershon was Livni en Shim’i volgens hulle families.
- 18 Die seuns van K’hat was `Amram, Yitz’har, Hevron en `Uzi’el. Die lewensjare van K’hat was honderd drie en dertig jaar.
- 19 Die seuns van M’rari was Magli en Mushi. Hierdie was die families van Levi volgens hulle nageslagte.
- 20 `Amram het Yokheved, sy oom se dogter, vir hom as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan Aharon en Mosheh. Die lewensjare van `Amram was honderd sewe en dertig jaar.
- 21 Die seuns van Yitz’har was Korag, Nefeg en Zikhri.
- 22 Die seuns van `Uzi’el was Misha’el, Eltzafan en Sitri.
- 23 Aharon het Elish’va, die dogter van `Amminadav, die suster van Nagshon, vir hom as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan: Nadav, Avihu, El’azar en Itamar.
- 24 Die seuns van Korag was Assir, Elkanah en Avi’asaf. Dit is die families van die Koragiete.
- 25 El’azar, die seun van Aharon, het vir hom een van die dogters van Puti’el as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan Pingas. Dit is die hoofde van die vaders se huise van die Leviëte volgens hulle families.
- 26 Dit is dieselfde Aharon en Mosheh vir wie יהוה gesê het: “Bring die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uit volgens hulle menigte.”
- 27 Dit is hulle wat met Farao, die koning van Mitzrayim, gepraat het om die seuns van Yisra’el uit Mitzrayim uit te bring. Hierdie selfde Mosheh en Aharon.
- 28 Dit het op die dag toe יהוה met Mosheh in Mitzrayim gepraat het, gebeur
- 29 dat יהוה vir Mosheh gesê het: “Ek is יהוה. Sê vir Farao, die koning van Mitzrayim, alles wat Ek vir jou sê.”
- 30 Mosheh sê egter voor יהוה: “Let op, ek is onbekwaam om te praat! Hoe sal Farao na my luister?”

- 7 ¹ יהוה het aan Mosheh gesê: “Kyk, Ek het jou soos God vir Farao gemaak ^{Ps 82:6} en jou broer Aharon sal jou profeet wees.
- 2 Jy moet alles sê wat Ek jou beveel en jou broer Aharon moet met Farao praat om die seuns van Yisra'el uit sy land uit te laat gaan.
- 3 Ek sal Farao se wil, emosie en verstand verhard sodat Ek My tekens en wonderwerke in die land van Mitzrayim kan vermenigvuldig.
- 4 Wanneer Farao nie na julle luister nie, dan sal Ek My hand lê op Mitzrayim en My leërmag, My volk, die seuns van Yisra'el, deur groot oordele uitbring uit die land van Mitzrayim.
- 5 Die Mitzrayimiete sal weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek My hand oor Mitzrayim uitsteek en die seuns van Yisra'el van tussen hulle af uitbring.”
- 6 Mosheh en Aharon het gedoen soos יהוה hulle beveel het; so het hulle gedoen.
- 7 Mosheh was tagtig jaar en Aharon drie en tagtig jaar oud toe hulle met Farao gepraat het.
- 8 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 9 “Wanneer Farao met julle praat en sê: Wys 'n teken vir julleself; dan moet jy vir Aharon sê: ‘Vat jou staf en gooi dit voor Farao neer en laat dit 'n slang word’.”
- 10 Mosheh en Aharon het ingegaan na Farao toe en gedoen presies soos יהוה hulle beveel het: Aharon het sy staf voor Farao en voor sy diensknegte neergegooi en dit het 'n slang geword.
- 11 Farao het óók die wyse manne en die towenaars geroep en hulle, die Mitzrayimietiesetowenaars, het ook dieselfde gedoen met hulle geheime kunste,
- 12 want elkeen het sy staf neergegooi en dit het slange geword, maar Aharon se staf het hulle stawwe ingesluk.
- 13 Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה gesê het.
- 14 יהוה sê vir Mosheh: “Farao se wil, emosie en verstand is hard, hy weier om die volk te laat gaan.
- 15 Gaan môre vroeg na Farao wanneer hy uitgaan na die water toe en staan aan die kant van die rivier om hom te ontmoet en die staf wat in 'n slang verander het, moet in jou hand wees
- 16 en sê vir hom: “יהוה, die God van die Hebreërs, het my na u toe gestuur en gesê: ‘Laat My volk gaan dat hulle My kan dien in die wildernis,’ maar let op, u het tot nou toe nie geluister nie en
- 17 יהוה sê daarom só: ‘Hieraan sal jy weet dat Ek יהוה is.’ Let op, ek sal met die staf wat in my hand is die water slaan wat in die rivier is en dit sal in bloed verander word.
- 18 Die visse in die rivier sal doodgaan sodat die rivier sal stink en die Mitzrayimiete sal walg om die water uit die rivier te drink.”
- 19 יהוה het met Mosheh gepraat: “Sê vir Aharon: ‘Vat jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die Mitzrayimiete, oor hulle strome, hulle riviere, hulle waterpoele en oor al hulle waterliggame sodat dit bloed word.’ Daar sal bloed in die hele land van Mitzrayim wees; in hout- en in klipbakke.”

- 20 Mosheh en Aharon het dit so gedoen, soos יְהוָה beveel het; hy het die staf opgelig en die water wat in die rivier was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy diensknegte en al die water in die rivier is in bloed verander.
- 21 Die visse wat in die rivier was, het doodgegaan en die rivier het gestink sodat die Mitzrayimiete nie die water uit die rivier kon drink nie en daar was bloed oor die hele land van Mitzrayim.
- 22 Die Mitzrayimietiese towenaars het dieselfde gedoen met hulle geheime kunste en Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik en hy het nie na hulle geluister nie, soos יְהוָה gesê het.
- 23 Farao het omgedraai en in sy huis ingegaan en niks hiervan ter harte geneem nie.
- 24 Al die Mitzrayimiete het rondom die rivier na water gegrawe om te drink, want hulle kon nie van die rivier se water drink nie.
- 25 Sewe dae het verbygegaan nadat יְהוָה die rivier geslaan het.
- 8** 1 יְהוָה het toe met Mosheh gepraat: “Gaan na Farao en sê vir hom: So sê יְהוָה: ‘Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien
- 2 en as jy weier om hulle te laat gaan, let op, Ek sal jou hele gebied met paddas straf.
- 3 Die rivier (Nyl) sal van paddas wemel en hulle sal opklim en in jou huis kom, in jou slaapkamer, op jou bed, in die huis van jou diensknegte, onder jou volk, in jou bakoonde en in jou baksottels
- 4 en die paddas sal teen jou, teen jou volk en teen al jou diensknegte opspring.”
- 5 יְהוָה het ook vir Mosheh gesê: “Sê vir Aharon: Steek jou hand met jou staf oor die strome en oor die riviere en oor die waterpoele uit en laat die paddas opkom oor die land van Mitzrayim.”
- 6 Aharon het sy hand oor die waters van Mitzrayim uitgesteek en die paddas het opgekom en die land van Mitzrayim oordek
- 7 en die towenaars het dieselfde gedoen met hulle towerkunste en paddas laat opkom oor Mitzrayim.
- 8 Toe het Farao Mosheh en Aharon laat roep en gesê: “Tree in by יְהוָה sodat Hy die paddas van my en van my volk af sal wegvat en ek sal die volk laat gaan sodat hulle aan יְהוָה kan offer.”
- 9 Mosheh sê vir Farao: “U het die eer bo my om vir my te sê watter tyd moet ek vir u en u diensknegte en vir u volk intree sodat die paddas van u en vanuit u huise uitgeroei word om net in die rivier oor te bly?”
- 10 Hy antwoord: “Teen môre.” Toe sê hy: “Dit sal wees volgens u woord sodat u kan verstaan dat daar niemand is soos יְהוָה, ons God, nie.
- 11 Die paddas sal u, u huise, u diensknegte en u volk verlaat. Net in die Nyl sal hulle oorbly.”
- 12 Mosheh en Aharon het van Farao af weggegaan en Mosheh het tot יְהוָה geroep aangaande die paddas wat Hy oor Farao gebring het.
- 13 יְהוָה het gedoen volgens die woord van Mosheh: die paddas het doodgegaan uit die huise, van die voorhowe af en uit die veld
- 14 en hulle het dit in hope bymekaargemaak en die land het gestink.

- 15 Toe Farao egter sien dat daar verligting is, het hy sy wil, emosie en verstand verhard en nie na hulle geluister nie, soos יְהוָה gesê het.
- 16 יְהוָה sê vir Mosheh: “Sê aan Aharon: steek jou staf uit en slaan die stof van die aarde sodat dit muggies word oor die hele land van Mitzrayim.”
- 17 Hulle het so gedoen: Aharon het sy hand met sy staf uitgesteek en die stof van die aarde geslaan en daar het muggies gekom op die mense en op diere. Al die stof van die aarde het muggies geword in die hele land van Mitzrayim.
- 18 Die towenaars het dieselfde probeer doen met hulle geheime kunste om muggies voort te bring, maar hulle kon nie en die muggies was op die mense en op die diere.
- 19 Toe sê die towenaars vir Farao: “Dit is die vinger van God!” Farao se wil, emosie en verstand was egter onveranderlik sodat hy na hulle nie geluister het nie, soos יְהוָה gesê het.
- 20 יְהוָה sê vir Mosheh: “Staan môre vroeg op en staan voor Farao wanneer hy na die water toe uitgaan en sê vir hom: so sê יְהוָה: ‘Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien,
- 21 of anders, as jy My volk nie laat gaan nie, let op, Ek sal swerms vlieë teen jou, teen jou diensknegte, teen jou volk en teen jou huise laat kom sodat die huise van die Mitzrayimiete vol vlieë sal wees en selfs die grond waarop hulle staan.
- 22 Op dié dag sal Ek die land Goshen, waarin My volk woon, afsonder sodat daar geen swerm vlieë sal wees nie sodat jy kan weet dat Ek, יְהוָה, in die wêreld is.
- 23 Ek het ’n skeiding gestel tussen My volk en jou volk. Môre sal hierdie teken plaasvind.”
- 24 יְהוָה het so gedoen: dik swerms vlieë het in die huis van Farao, in die huis van sy diensknegte en in die hele land van Mitzrayim gekom; die land het verval as gevolg van die swerms vlieë.
- 25 Farao laat Mosheh en Aharon roep en sê: “Gaan, offer aan julle God in die land.”
- 26 Mosheh antwoord: “Dit is nie reg om dit so te doen nie, want ons offer aan יְהוָה, ons God, wat vir die Mitzrayimiete ’n gruwel is. As ons dit wat ’n gruwel is vir die Mitzrayimiete voor hulle oë offer, sal hulle ons nie dan stenig nie?
- 27 Ons sal drie dagreise ver die wildernis ingaan sodat ons aan יְהוָה, ons God, kan offer soos Hy ons beveel.”
- 28 Farao het gesê: “Ek sal julle laat gaan sodat julle aan יְהוָה, julle God, kan offer in die wildernis; julle moet net nie te ver weggaan nie. Tree in vir my.”
- 29 Mosheh antwoord: “Let op, ek gaan van u af weg en sal intree by יְהוָה sodat die swerms vlieë Farao, sy diensknegte en sy volk môre mag verlaat. Laat Farao net nie langer bedrieglik optree deur die volk nie te laat gaan om aan יְהוָה te offer nie.”
- 30 Mosheh het van Farao af weggegaan en by יְהוָה ingetree.
- 31 יְהוָה het gedoen volgens die woord van Mosheh: Hy het die swerms vlieë van Farao, van sy diensknegte en sy volk weggevat. Daar het nie een oorgebly nie.
- 32 Farao het sy wil, emosie en verstand ook hierdie keer verhard en die volk nie laat gaan nie.

- 9 ¹ יְהוָה het vir Mosheh gesê: “Gaan na Farao en sê vir hom: So sê יְהוָה, die God van die Hebreërs: ‘Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien
- 2 en as jy weier om hulle te laat gaan en hulle nog vashou,
- 3 let op, dan sal die hand van יְהוָה teen jou beeste wat in die veld is, teen die perde, teen die donkies, teen die kamele, teen die osse en teen die kleinvee wees, met ’n baie swaar pes.
- 4 יְהוָה sal ’n onderskeid maak tussen die lewende hawe van die Yisra’eliete en die lewende hawe van die Mitzrayimiete sodat niks sal doodgaan van alles wat aan die seuns van Yisra’el behoort nie.”
- 5 יְהוָה het ’n bepaalde tyd vasgestel en gesê: “Môre sal יְהוָה hierdie ding doen in die land.”
- 6 יְהוָה het dit die volgende dag gedoen: al die lewende hawe van die Mitzrayimiete het doodgegaan, maar van die vee van die seuns van Yisra’el is nie een dood nie.
- 7 Farao het gestuur en let op, nie eens een van die lewende hawe van die Yisra’eliete was dood nie! Farao se wil, emosie en verstand was verhard en hy het die volk nie laat gaan nie.
- 8 יְהוָה het vir Mosheh en Aharon gesê: “Wat vir julle hande vol as uit ’n hooggoond en laat Mosheh dit na die hemel toe uitgooi voor die oë van Farao
- 9 en dit sal ’n fyn stof word oor die hele land van Mitzrayim en op mense en diere ontsteking veroorsaak wat in swere uitbreek, regoor die hele land van Mitzrayim.”
- 10 Hulle het toe as uit die hooggoond gevat, voor Farao gaan staan en Mosheh het dit na die hemel uitgegooi en dit het ontstekings geword wat in swere uitbreek op mense en diere.
- 11 Die towenaars kon nie voor Mosheh staan vanweë die swere nie, want die swere was op die towenaars en op al die Mitzrayimiete.
- 12 יְהוָה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy het nie na hulle geluister nie, soos יְהוָה vir Mosheh gesê het.
- 13 יְהוָה het vir Mosheh gesê: “Staan vroeg in die oggend op, staan voor Farao en sê vir hom: so sê יְהוָה, die God van die Hebreërs: laat My volk gaan sodat hulle My kan dien,
- 14 want hierdie keer sal Ek al My plaas teen jou stuur, teen jou diensknegte en jou volk sodat jy kan verstaan dat daar niemand op die hele aarde is soos Ek nie,
- 15 want as Ek My hand uitgesteek het en jou en jou volk met die pes getref het, sou jy van die aarde af vernietig wees.
- 16 Daarenteen, vir hierdie doel het Ek jou laat agterbly, om My krag vir jou te wys en My Karakter en Outoriteit op die hele aarde te verklaar. ^{Rom 9:17}
- 17 Steeds verhoog jy jouself teen My volk dat jy hulle nie wil laat gaan nie.
- 18 Let op, Ek sal môre omtrent hierdie tyd ’n baie swaar hael laat reën soos wat in Mitzrayim nog nie was van die dag af dat dit gevind is tot nou toe nie.
- 19 Stuur daarom nou en laat jou lewende hawe en alles wat jy in die veld het, na veiligheid bring. Al die mense en die diere wat in die veld gevind word, wat nie binnetoe gebring is nie, op hulle sal die hael val en hulle sal sterf.”

- 20 Hulle wat יהוה se woord gevrees het onder die diensknegte van Farao, het hulle slawe en lewende hawe na die skuilings laat vlug,
- 21 maar die wat geen ag gegee het op יהוה se woord nie, het hulle slawe en lewende hawe in die veld laat bly.
- 22 יהוה sê vir Mosheh: “Steek jou hand uit na die hemele sodat daar hael sal wees in die hele land van Mitzrayim, oor mense, diere en oor al die plante van die veld in die land van Mitzrayim.”
- 23 Mosheh het sy staf na die hemele uitgesteek en יהוה het donder en hael gestuur en vuur het na die aarde gereën en יהוה het hael op die land van Mitzrayim laat reën.
- 24 Daar was hael en vuur binne-in die hael, baie swaar, soos in die hele land van Mitzrayim nog nooit was vandat dit 'n nasie geword het nie.
- 25 Die hael het in die hele land van Mitzrayim alles wat in die veld was geslaan, mense sowel as diere en die hael het al die plante van die veld geslaan en al die bome van die veld verpletter.
- 26 Net in die land Goshen, waar die seuns van Yisra'el was, was daar geen hael nie.
- 27 Farao het gestuur en Mosheh en Aharon laat roep en vir hulle gesê: “Ek het dié keer sonde gedoen. יהוה is die Regverdige Een en ek en my volk is dié wat boos oortree.
- 28 Tree in by יהוה, want daar was genoeg van God se donder en hael. Ek sal julle laat gaan en julle sal nie langer bly nie.”
- 29 Mosheh sê vir hom: “So gou as wat ek uit die stad uitgegaan het, sal ek my hande tot יהוה uitbrei. Die donder sal ophou en die hael sal nie meer wees nie sodat u kan weet dat die aarde aan יהוה behoort,
- 30 maar wat u en u diensknegte betref; ek weet dat julle יהוה-God nog nie vrees nie.”
- 31 Die vlas en die gars is geslaan, want die gars was in die aar en die vlas in die knop,
- 32 maar die graan en die spelt is nie geslaan nie, want hulle is laat oeste.
- 33 Mosheh het uit die stad uit van Farao af weggegaan en sy hande tot יהוה uitgebrei en die donder en hael het opgehou en die reën het nie meer op die aarde geval nie.
- 34 Toe Farao sien dat die reën, die hael en die donder ophou, het hy weer gesondig en sy wil, emosie en verstand verhard; hy en sy diensknegte.
- 35 Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik sodat hy die seuns van Yisra'el nie laat gaan het nie, soos יהוה deur die hand van Mosheh gesê het.
- 10** יהוה 1 het vir Mosheh gesê: “Gaan na Farao toe, want Ék het sy wil, emosie en verstand, asook die wil, emosie en verstand van sy diensknegte verhard sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan uitvoer
- 2 en sodat jy voor die ore van jou seun en jou kleinseun kan vertel hoe Ek 'n bespotting van die Mitzrayimiete gemaak het en van My tekens wat Ek onder hulle gebring het sodat julle kan weet dat Ek יהוה is.”
- 3 Mosheh en Aharon het na Farao toe gegaan en vir hom gesê: “So sê יהוה, die God van die Hebreërs: ‘Hoe lank sal jy weier om jou voor My te verneder? Laat My volk gaan dat hulle My kan dien,

- 4 of anders, as jy weier om My volk te laat gaan, let op, môre sal Ek sprinkane in jou gebied inbring
- 5 en hulle sal die oppervlakte van die grond bedek sodat niemand die land sal kan sien nie en hulle sal die res van wat oorgebly het, wat vir julle van die hael oorgebly het en al die bome wat vir julle in die veld opgroei, opeet.
- 6 Jou huise, die huise van al jou diensknegte en die huise van al die Mitzrayimiete sal vol van hulle wees; soos jou vaders en die vaders van jou vaders nie gesien het van die dag af dat hulle op die aarde is, tot vandag toe nie.” Hy het omgedraai en van Farao af weggegaan.
- 7 Farao se diensknegte vra vir hom: “Hoe lank sal die man vir ons ’n strik wees? Laat die manne gaan dat hulle יהוה, hulle God, kan dien. Weet u nog nie dat Mitzrayim vernietig is nie?”
- 8 Moshéh en Aharon is teruggebring na Farao toe en hy sê vir hulle: “Gaan, dien יהוה, julle God. Wie is dit wat gaan?”
- 9 Moshéh antwoord: “Ons sal gaan met ons jong mense en ons ou mense, met ons seuns en ons dogters; met ons kleinvee en ons beeste sal ons gaan, want ons moet ’n fees hou vir יהוה.”
- 10 Hy sê vir hulle: “יהוה is met julle as ek ooit julle en julle kinders sal laat gaan! Let op, want die bose is in julle gedagtes.
- 11 Nie so nie! Gaan nou, julle manne en dien יהוה, want dít is wat julle begeer het.” Hulle is uit Farao se teenwoordigheid uitgedryf.
- 12 יהוה sê vir Moshéh: “Steek jou hand uit oor die land van Mitzrayim vir die sprinkane sodat hulle kan opkom oor die land van Mitzrayim en al die plante van die land opeet, alles wat die hael laat oorbly het.”
- 13 Moshéh het sy staf oor die land van Mitzrayim uitgesteek en יהוה het ’n oostewind in die land gebring, daardie hele dag en die hele nag; toe dit oggend word, het die oostewind die sprinkane gebring.
- 14 Die sprinkane het opgekom oor die hele land van Mitzrayim en op die hele gebied van Mitzrayim gaan sit; uitermatige hoeveelhede. Daar was voor dit nie so ’n sprinkaanswerm nie en daarna sou daar ook nie so iets wees nie.
- 15 Hulle het die oppervlakte van die hele land bedek sodat die land donker was en hulle het al die plante van die land en al die vrugte van die bome, wat die hael laat oorbly het, opgeëet; daar het geen groenigheid aan die bome of plante van die veld in die hele land van Mitzrayim oorgebly nie.
- 16 Farao het haastig vir Moshéh en Aharon laat roep en gesê: “Ek het gesondig teen יהוה, julle God en teen julle;
- 17 daarom, vergeef nou asseblief net dié keer my sonde en tree in by יהוה, julle God sodat Hy net hierdie dood van my af wegvat.”
- 18 Hy het van Farao af weggegaan en ingetree by יהוה.
- 19 יהוה het die wind omgeswaai in ’n baie sterk westewind, wat die sprinkane weggevat en hulle in die Rooisee gedryf het. Daar het nie een sprinkaan in die hele gebied van Mitzrayim oorgebly nie.
- 20 יהוה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy het die seuns van Yisra’el nie laat gaan nie.

- 21 יְהוָה het vir Mosheh gesê: “Steek jou hand uit na die hemele toe en daar sal duisternis oor die land van Mitzrayim kom; duisternis wat ’n mens selfs kan voel.”
- 22 Mosheh het sy hand uitgesteek na die hemele en daar was ’n dik duisternis oor die hele land van Mitzrayim vir drie dae lank.
- 23 Hulle het mekaar nie gesien nie en niemand het van sy plek af opgestaan vir drie dae nie, maar al die kinders van Yisra’el het lig in hulle huise gehad.
- 24 Farao het Mosheh laat roep en gesê: “Gaan heen, dien יְהוָה; net julle kleinvee en julle beeste moet agtergehou word. Selfs julle kinders kan met julle saamgaan.”
- 25 Mosheh antwoord: “U moet ons tog offers en brandoffers saam gee dat ons offerandes aan יְהוָה, ons God, kan bring;
- 26 daarom sal ons lewende hawe ook saam met ons gaan: daar mag geen klou agterbly nie, want ons moet daarvan vat om יְהוָה, ons God, te dien en ons weet nie waarmee ons יְהוָה, ons God, moet dien voordat ons daar kom nie.”
- 27 יְהוָה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy wou hulle nie laat gaan nie.
- 28 Farao sê vir hom: “Gaan weg van my af! Pas op, jy sal my gesig nie weer sien nie, want die dag waarop jy my gesig sien, sal jy sterf.”
- 29 Mosheh antwoord: “U het reg gepraat. Ek sal u gesig nie weer sien nie.”
- 11** יְהוָה 1 het vir Mosheh gesê: “Ek sal nog een plaag oor Farao en oor Mitzrayim bring. Daarna sal hy julle geheel en al hiervandaan laat gaan. As hy julle laat gaan, sal hy julle geheel en al uitdryf hiervandaan.
- 2 Praat nou voor die ore van die volk dat elke man van sy naaste en elke vrou van haar naaste silwer goed en goue goed moet vra.”
- 3 יְהוָה het aan die volk guns verleen in die oë van die Mitzrayimiete. Meer nog, die man, Mosheh, was baie hoog geag in Mitzrayim, in die oë van Farao se diensknegte en in die oë van die volk.
- 4 Mosheh sê: “So sê יְהוָה: Omtrent middernag sal Ek uitgaan oor Mitzrayim
- 5 en elke eersgeborene in die land van Mitzrayim sal sterf, van Farao, wat op sy troon sit, se eersgeborene af, tot by die eersgeborene van die slavin wat agter die meulsteen staan en al die eersgeborenes van die diere.
- 6 Daar sal ’n groot uitroep regoor die hele land van Mitzrayim wees soos wat daar nie was en soos daar nie weer sal wees nie,
- 7 maar teen die seuns van Yisra’el sal ’n hond nie eens blaf nie, nie teen mens of dier nie sodat julle kan verstaan dat יְהוָה ’n onderskeid maak tussen Mitzrayim en Yisra’el.
- 8 Al hierdie diensknegte van u sal na my toe afkom en voor my op hulle gesigte val en sê: ‘Gaan uit, jy en die hele volk aan jou voete.’ Daarna sal ek uitgaan.” Hy het by Farao uitgegaan in brandende woede.
- 9 יְהוָה het vir Mosheh gesê: “Farao sal nie na julle luister nie sodat My tekens in die land van Mitzrayim kan vermeerder.”
- 10 Mosheh en Aharon het al hierdie tekens voor Farao gedoen en יְהוָה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak sodat hy die seuns van Yisra’el nie uit sy land laat gaan het nie.

- 12** ¹ וַיְדַבֵּר ה' אֶל מֹשֶׁה וְאַהֲרֹן בְּאֶרֶץ מִצְרָיִם לֵאמֹר: ² "Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. ³ Praat met die hele vergadering van Yisra'el en sê: Op die tiende van hierdie maand sal elke man vir homself, volgens die huis van sy vader, 'n lam vat - 'n lam vir elke huishouding. ⁴ As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman, wat langs sy huis is, dit vat volgens die getal mense; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. ⁵ Julle lam moet perfek, sonder fout wees, 'n rammetjie in sy eerste jaar. Julle mag dit uit die skape of uit die bokke vat. ⁶ Julle moet dit oppas tot die veertiende dag van dieselfde maand, dan moet die hele vergadering van Yisra'el dit teen sonsondergang slag. ^{Luk 22:7} ⁷ Julle moet van die bloed vat en dit aan die twee deurposte en aan die bo-kosyn van die huise waarin hulle dit eet, smeer. ⁸ Julle moet die vleis in daardie nag eet, oor die vuur gebraai. Julle moet dit saam met ongesuurde brode en bitter kruie eet. ⁹ Julle moet dit nie rou eet of as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop, pootjies en die binnegoed. ¹⁰ Julle mag ook niks daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie en wat daarvan oorbly tot die oggend toe, moet julle met vuur verbrand. ¹¹ Sô moet julle dit eet: julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; julle moet haastig eet. Dit is Pesag tot וַיְדַבֵּר, ¹² want Ek sal in hierdie nag deur die land van Mitzrayim gaan en al die eersgeborenes van mense sowel as van diere in die land van Mitzrayim slaan. Ek sal oordeel uitoefen oor al die gode van Mitzrayim. Ek is וַיְדַבֵּר. ^{Eks 18:11} ¹³ Die bloed aan die huise waarin julle is, sal vir julle 'n teken wees; as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan en die plaag sal nie op julle wees om julle te vernietig wanneer Ek die land van Mitzrayim slaan nie. ¹⁴ Hierdie dag sal vir julle 'n gedenkdag wees en julle moet dit as 'n fees tot eer van וַיְדַבֵּר vier, reg deur julle geslagte. Julle moet dit hou as 'n ewige vasgestelde tyd. ¹⁵ Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet julle suurdeeg uit julle huise verwyder, want elkeen wat enige iets gesuur eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié lewe moet van Yisra'el afgesny word. ¹⁶ Op die eerste dag moet daar 'n afgesonderde bymekaarkoms wees en ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n afgesonderde bymekaarkoms wees. Daar mag géén werk op dié dae gedoen word nie, behalwe vir elkeen om te eet, dit alleen mag deur julle voorberei word. ^{Eks 16:23; 35:3} ¹⁷ Onderhou die Ongesuurde Brode, want op hierdie selfde dag het Ek julle leërs uit die land van Mitzrayim uitgelei; daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige vasgestelde tyd hou.

- 18 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, sonsondergang, moet julle ongesuurde brode eet, tot op die een en twintigste dag van die maand, teen sonsondergang.
- 19 Sewe dae lank mag daar geen suurdeeg in julle huise gevind word nie, want elkeen wat iets eet met suurdeeg in, dié lewe moet uit die bymekaarkoms van Yisra'el afgesny word, of hy nou 'n besoeker is of 'n seun van die land.
- 20 Julle mag niks met suurdeeg in, eet nie. In al julle blyplekke moet julle ongesuurde brode eet."
- 21 Toe het Mosheh al die oudstes van Yisra'el laat roep en vir hulle gesê: "Gaan haal vir julle lammers uit volgens julle families en slag die Pesag.
- 22 Vat 'n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is en smeer aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is en niemand van julle mag by die deur van sy huis uitgaan tot dagbreek toe nie,
- 23 want יהוה sal deurgaans om die hele Mitzrayim te slaan en wanneer Hy die bloed sien aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte, sal יהוה by die deur verbygaan en die vernietiger nie toelaat om in julle huise in te gaan om julle te slaan nie.
- 24 Julle moet dit hou as 'n vasgestelde tyd vir juiself en vir jul kinders, vir ewig.
- 25 Dit sal wees as julle in die land kom wat יהוה aan julle sal gee, soos Hy beloof het dat julle hierdie diens sal hou
- 26 en as julle seuns julle sal vra: 'Wat beteken die diens?'
- 27 dan moet julle sê: 'Dit is die Pesagoffer aan יהוה', wat by die huise van die seuns van Yisra'el in Mitzrayim verbygegaan het, toe Hy die Mitzrayimiete geslaan, maar ons huise gespaar het'." Toe het die volk neergebuig en met hulle gesigte op die grond gelê.
- 28 Die seuns van Yisra'el het gegaan en gedoen soos יהוה aan Mosheh en Aharon beveel het, so het hulle gedoen.
- 29 Dit het gebeur om middernag dat יהוה al die eersgeborenes in Mitzrayim geslaan het; van die eersgeborene van Farao af, wat op sy troon gesit het, tot by die eersgeborene van die gevangene wat in die tronk was, asook al die eersgeborenes van die diere.
- 30 Farao het in die nag opgestaan, hy, al sy diensknegte en al die Mitzrayimiete en daar was 'n groot uitroep in Mitzrayim, want daar was geen huis waarin iemand nie dood is nie.
- 31 Hy het Mosheh en Aharon in die nag laat roep en gesê: "Staan op, gaan weg onder my volk uit, julle sowel as die seuns van Yisra'el en gaan dien יהוה soos julle gesê het.
- 32 Vat ook julle kleinvee en julle beeste saam soos julle gesê het, gaan weg en seën my ook."
- 33 Die Mitzrayimiete het aangehou by die volk, om hulle haastig uit die land uit te stuur, want hulle het gedink: 'Ons sal almal sterf!'
- 34 Toe neem die volk hulle deeg voordat dit ingesuur was, met hulle bakskeutels, in hulle klere toegebind, op die skouers.
- 35 Die seuns van Yisra'el het gedoen volgens die woord van Mosheh: hulle het van die Mitzrayimiete silwer en goue goed en klere gevra

- 36 en יְהוָה het aan die volk guns verleen in die oë van die Mitzrayimiete en dié het hulle versoek toegestaan. So het hulle die Mitzrayimiete geplunder.
- 37 Die seuns van Yisra'el het van Ra'amses na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders.
- 38 'n Gemengde menigte van mense het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermate baie lewende hawe.
- 39 Hulle het van die deeg wat hulle uit Mitzrayim gebring het, ongesuurde koeke gebak, want dit was nie ingesuur nie omdat hulle uit Mitzrayim uitgedryf is en hulle dus nie plat koeke kon bak nie en ook geen kos vir hulleself voorberei het nie. ^{Eks 12:15}
- 40 Die tyd wat die seuns van Yisra'el in Mitzrayim gebly het, was vier honderd en dertig jaar.
- 41 Dit het gebeur aan die einde van vier honderd en dertig jaar, op dieselfde dag het dit gebeur dat al die leërmagte van יְהוָה uit Mitzrayim uitgegaan het.
- 42 Dit is 'n nag van herinnering tot eer van יְהוָה omdat Hy hulle uit Mitzrayim uitgebring het. Dit is dié nag van יְהוָה, 'n vasgestelde tyd om onderhou te word deur al die seuns van Yisra'el in hulle geslagte.
- 43 יְהוָה het vir Mosheh en Aharon gesê: “Dit is die instelling van die Pesag: géén vreemdeling mag daarvan eet nie,
- 44 maar elke slaaf van 'n man wat met geld gekoop is, wanneer jy hom besny het, dan mag hy daarvan eet.
- 45 'n Besoeker of 'n huurling mag nie daarvan eet nie.
- 46 In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie en julle mag geen been daarvan breek nie. ^{Yog 19:36}
- 47 Die hele bymekaarkoms van Yisra'el moet dit hou.
- 48 As 'n besoeker by jou bly en tot eer van יְהוָה die Pesag wil vier, moet almal wat manlik is by hom, besny word en dan mag hy nader kom om dit te vier en hy sal soos 'n kind van die land wees, want géén onbesnedene mag daarvan eet nie.
- 49 Een wet sal geld vir die kind van die land en vir die besoeker wat onder julle bly.”
- 50 So het al die seuns van Yisra'el gedoen. Soos יְהוָה Mosheh en Aharon beveel het, so het hulle gedoen.
- 51 Dit het so gebeur dat יְהוָה die seuns van Yisra'el, volgens hulle leërafdelings, op daardie selfde dag, uit Mitzrayim uitgelei het. ^{Hand 13:17}
- 13** 1 Toe het יְהוָה met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Sonder vir My al die eersgeborenes af. Alles wat die baarmoeder oopmaak onder die kinders van Yisra'el, van beide mense en diere, dit behoort aan My.” ^{Luk 2:23}
- 3 Mosheh het vir die volk gesê: “Onthou hierdie dag waarop julle uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgegaan het, want deur 'n sterk hand het יְהוָה julle hiervandaan uitgelei; geen gesuurde brood mag geëet word nie.
- 4 Op hierdie dag gaan julle uit, in die maand Aviv.

- 5 Dit sal wees, wanneer יהוה jou bring in die land van die Kena'aniete, Hittiete, Emoriete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee, 'n land wat vloei met melk en heuning, dan moet jy hierdie gebruik in hierdie maand hou.
- 6 Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet en op die sewende dag sal daar 'n fees wees tot eer van יהוה.
- 7 Ongesuurde brode moet vir sewe dae geëet word; niks met suurdeeg mag by jou gesien word nie en geen suurdeeg mag tussen julle in jou hele grondgebied gesien word nie.
- 8 Jy moet dit aan jou seun op dié dag bekend maak en sê: 'Dit is as gevolg van wat יהוה vir my gedoen het toe ek uit Mitzrayim uitgetrek het.'
- 9 Dit sal vir jou as 'n teken wees op jou hand en as 'n herinnering tussen jou oë sodat die wet van יהוה in jou mond mag wees, want deur 'n sterk hand het יהוה jou uit Mitzrayim uitgelei; Deut 6:8; Open 13:16
- 10 daarom moet jy hierdie instelling hou op die spesifieke bepaalde tyd, van jaar tot jaar.
- 11 Dit sal wees wanneer יהוה jou in die land van die Kena'aniete bring, soos Hy aan jou en jou vaders met 'n eed beloof het en Hy dit vir jou gee
- 12 dat jy alles wat die baarmoeder oopmaak, aan יהוה moet toewy; ook elke eersteling aanwas van vee, wat jy sal hê wat manlik is, behoort aan יהוה, Luk 2:23
- 13 maar elke eersteling van 'n donkie moet jy met 'n lam loskoop. As jy dit nie wil loskoop nie, moet jy sy nek breek en elke eersgeborene van mense onder jou seuns moet jy loskoop.
- 14 Dit sal wees, wanneer jou seun jou oor 'n tyd sal vra en sê: 'Wat beteken dit?' dan moet jy hom antwoord: 'יהוה' het ons deur 'n sterk hand uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei.
- 15 Dit het gebeur toe Farao te hardkoppig was om ons te laat gaan dat יהוה al die eersgeborenes in die land van Mitzrayim doodgemaak het, beide die eersgeborene van die mense en die eersgeborene van die diere; daarom offer ek aan יהוה alles wat die baarmoeder oopmaak wat manlik is, maar al die eersgeborenes van my seuns koop ek los. Luk 2:23
- 16 Dit sal as 'n teken op jou hand en as 'n band tussen jou oë wees, want יהוה het ons deur 'n sterk hand uit Mitzrayim uitgebring'. Deut 6:8; Open 13:16
- 17 Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die F'lishtyne gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: "Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Mitzrayim toe nie."
- 18 God het die volk daarom omgelei op die pad van die wildernis na die Rooisee. Die seuns van Yisra'el het gewapend uit Mitzrayim uit opgetrek.
- 19 Mosheh het die bene van Yosef saam met hom gevat, want hy het die seuns van Yisra'el laat sweer en gesê: "God sal sekerlik vir julle sorg en julle moet my bene saam met julle hiervandaan wegvat."
- 20 So het hulle van Sukkot af weggetrek en gekamp by Etam, aan die kant van die wildernis.

21 יהוה het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om vir hulle die pad te wys en snags in 'n vuurkolom om op hulle te skyn, om dag en nag te trek.

22 Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags van voor die volk weggegaan nie.

14 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Sê aan die seuns van Yisra’el dat hulle moet terugdraai en kamp opslaan voor Pi-Hagirot, tussen Migdol en die see, oorkant Ba’al-Tz’fon, moet julle kamp opslaan by die see.

3 Dan sal Farao van die seuns van Yisra’el sê: “Hulle is deurmekaar in die land, die wildernis het hulle vasgekeer.”

4 Ek sal Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik maak sodat hy hulle agtervolg en Ek sal Myself oor Farao en sy hele leërmag grootmaak en die Mitzrayimiete sal weet dat Ek יהוה is.” Hulle het so gedoen.

5 Dit is aan die koning van Mitzrayim vertel dat die volk gevlug het en die wil, emosie en denke van Farao en van sy diensknegte het teenoor die volk verander en hulle sê: “Hoekom het ons dit gedoen en Yisra’el laat trek sodat hulle ons nie meer dien nie?”

6 Hy het sy strydwa gereed gemaak en sy mense saam met hom gevat.

7 Hy het ses honderd uitgesoekte strydwaens en al die strydwaens van Mitzrayim, met gekose kapteins oor elkeen van hulle, gevat.

8 יהוה het die wil, emosie en verstand van Farao, die koning van Mitzrayim, onveranderlik gemaak sodat hy die seuns van Yisra’el agtervolg het en die kinders van Yisra’el het deur 'n hoë Hand uitgetrek.

9 Die Mitzrayimiete het hulle agtervolg; al Farao se perde en strydwaens, sy ruiters en sy leërmag en hulle ingehaal terwyl hulle gekamp het by die see langs Pi-Hagirot, voor Ba’al-Tz’fon.

10 Toe Farao naby kom, slaan die seuns van Yisra’el hulle oë op en, let op, die Mitzrayimiete trek agter hulle aan. Hulle het baie bang geword en die kinders van Yisra’el het uitgeroep tot יהוה.

11 Hulle het vir Mosheh gesê: “Omdat daar in Mitzrayim geen grafte is nie, het u ons saamgevat om in die wildernis dood te gaan? Hoekom het u so met ons gemaak en ons uit Mitzrayim uitgebring?”

12 Is dít nie die woord wat ons vir u in Mitzrayim gesê het nie: ‘Laat ons met rus dat ons die Mitzrayimiete kan dien,’ want dit sou beter vir ons wees om die Mitzrayimiete te dien as om in die wildernis te sterf?”

13 Mosheh het vir die volk gesê: “Moenie bang wees nie, staan vas en sien die verlossing van יהוה wat Hy vandag vir julle sal bereik, want die Mitzrayimiete wat julle vandag sien, sal julle in ewigheid nie weer sien nie.

14 יהוה sal vir julle baklei en julle moet stil wees.”

15 Toe vra יהוה vir Mosheh: “Wat roep jy na My? Sê vir die seuns van Yisra’el dat hulle vorentoe moet gaan

16 en jy, lig op jou staf en steek jou hand uit oor die see en verdeel dit en die seuns van Yisra’el sal dwarsdeur die see op droë grond trek.

- 17 Let op, Ek sal die wil, emosie en verstand van die Mitzrayimiete onveranderlik maak en hulle sal agter hulle aan gaan. Ek sal groot gemaak word oor Farao en sy hele leërmag, oor sy strydwaens en sy ruiters
- 18 en die Mitzrayimiete sal weet dat Ek יהוה is, as Ek groot gemaak word oor Farao, oor sy strydwaens en sy ruiters.”
- 19 Die boodskapper van God wat voor die leër van Yisra’el uitgetrek het, het weggegaan en agter hulle aan getrek en die wolkkolom het van vóór hulle weggetrek en agter hulle gaan staan;
- 20 so het dit dan tussen die leër van die Mitzrayimiete en die leër van Yisra’el ingekom. Dit was ’n wolk met duisternis vir die een en dit het die nag verlig sodat die een vir die hele nag nie naby die ander kon kom nie.
- 21 Mosheh het sy hand uitgesteek oor die see en יהוה het deur ’n sterk oostewind die hele nag deur die see laat teruggaan, die see droog gemaak en die waters verdeel.
- 22 Die seuns van Yisra’el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle ’n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant.
- 23 Die Mitzrayimiete het hulle agternagesit en hulle gevolg na die middel van die see; al Farao se perde, sy strydwaens en sy ruiters.
- 24 Dit het gebeur tydens die oggendwag dat יהוה, in die vuur- en wolkkolom, op die leër van die Mitzrayimiete afgekyk het en die leër van die Mitzrayimiete deurmekaar gemaak het.
- 25 Hy het die wiele van hulle strydwaens laat afval en hulle met moeite laat voortgaan. Toe sê die Mitzrayimiete: “Laat ons van Yisra’el af wegvlug, want יהוה baklei vir hulle teen die Mitzrayimiete.”
- 26 יהוה sê vir Mosheh: “Steek jou hand uit oor die see dat die waters kan terugkom oor die Mitzrayimiete, oor hulle strydwaens en hulle ruiters.
- 27 Mosheh het sy hand oor die see uitgesteek en die see het teen dagbreek teruggekeer na normaal terwyl die Mitzrayimiete binne-in dit gevlug het. יהוה het die Mitzrayimiete binne-in die see omvergegooi.
- 28 Die waters het teruggevloei en die strydwaens en die ruiters van Farao se hele leërmag wat agter hulle die see ingetrek het, toegemaak. Geeneen van hulle het oorgebly nie,
- 29 maar die seuns van Yisra’el het op droë grond deur die see getrek en die waters was vir hulle ’n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant.
- 30 So het יהוה Yisra’el dan dié dag uit die hand van die Mitzrayimiete gered en Yisra’el het die Mitzrayimiete dood gesien aan die kant van die see.
- 31 Yisra’el het die groot hand gesien wat יהוה teen die Mitzrayimiete gebring het en die volk het יהוה respekvul gevrees en vertrou in יהוה en in Mosheh, Sy dienskneg.
- 15** 1 Toe het Mosheh en die seuns van Yisra’el hierdie lied tot eer van יהוה gesing en dit is wat hulle gesê het: “Ek wil sing tot eer van יהוה, want Hy is verhewe opgelig. Die perd en sy ruiter het Hy in die see gegooi.
- 2 Yah is my Sterkte en my Lied en Hy het my Verlossing geword. Hy is my Magtige God, ek sal Hom vereer; die God van my vader, ek sal Hom oplig.
- 3 יהוה is ’n Oorwinnaar in geveg; יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).

- 4 Farao se strydwaens en sy leërmag het Hy in die see gegooi en sy gekose kapteins het ook in die Sufsee verdrink.
- 5 Die dieptes het hulle toegedek. Hulle het na die dieptes gesink soos 'n klip.
- 6 יְהוָה, U regterhand is vorstelik in krag. U regterhand, יְהוָה, verpletter die vyand.
- 7 In U oorvloedige grootheid gooi U diegene neer wat teen U opstaan. U stuur U brandende woede uit en dit verteer hulle soos stoppels.
- 8 Met die blaas van U neusgate het die waters opgehoop, die strome het bly staan soos 'n wal, die dieptes het inmekaar gekrimp in die hart van die see.
- 9 Die vyand het gesê: 'Ek sal agtervolg, inhaal, die buit verdeel, my begeerte sal oor hulle versadig word; ek sal my swaard uittrek, my hand sal hulle vernietig.'
- 10 U het met U asem geblaas en die see het hulle toegedek; soos lood het hulle gesink in die magtige waters.
- 11 יְהוָה, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, groot in afgesonderdheid, eerbiedwaardig in lofprysing, in die doen van wonderwerke?
- 12 U het U regterhand uitgesteek, die aarde het hulle ingesluk.
- 13 U het deur U onverdiende guns die volk wat U losgekoop het uitgelei; U het hulle deur U sterkte na U afgesonderde blyplek gelei.
- 14 Die volke het dit gehoor en hulle bewe; ang het die inwoners van P'leshet aangegryp.
- 15 Toe het die hoofde van Edom van binne gebewe, bewing het die magtiges van Mo'av beetgekry. Al die inwoners van Kena'an het wegsmelt.
- 16 Vrees en verskrikking het op hulle geval; deur die grootheid van U arm was hulle bewegingloos soos 'n klip terwyl U volk deurtrek; terwyl die volk wat U, יְהוָה, losgekoop het, deurtrek.
- 17 U bring hulle en plant hulle op die berg van U erfenis, in die plek, יְהוָה, wat U vir Uself as blyplek gemaak het, die Afgesonderde Plek wat U hande daargestel het, יְהוָה!
- 18 יְהוָה sal regeer vir ewig en ewig,
- 19 want Farao se perde, met sy strydwaens en ruiters, het in die see ingegaan en יְהוָה het die waters van die see oor hulle laat terugkom, maar die seuns van Yisra'el het op droë grond deur die see geloop."
- 20 Miryam, die profetes, die suster van Aharon, het 'n tamboeryn in haar hand gevat en al die vroue het agter haar uitgegaan, met tamboeryne en danse.
- 21 Miryam het hulle geantwoord: "Sing tot eer van יְהוָה, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gegooi."
- 22 Mosheh het die Yisra'eliete verder gevat van die Sufsee af en hulle het uitgetrek in die wildernis van Shur in. Hulle het drie dae lank in die wildernis ingetrek en geen water gekry nie.
- 23 Toe hulle by Marah kom, kon hulle die water van Marah nie drink nie, want dit was bitter; daarom het die plek die naam, Marah.
- 24 Toe kla die volk teen Mosheh en sê: "Wat moet ons drink?"
- 25 Hy het uitgeroep na יְהוָה en יְהוָה het vir hom 'n boom gewys. Toe hy dit in die water gegooi het, is die water soet gemaak. Daar het Hy vir hulle voorskrifte en riglyne geleer en hulle daar getoets ^{Eks 24:7}

- 26 en gesê: “As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy voorskrifte hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Mitzrayim gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak.”
- 27 Hulle het by Eilim gekom, waar twaalf waterfonteine en sewentig palmbome was en het daar, by die water, kamp opgeslaan.
- 16** 1 Hulle het van Eilim af weggetrek en die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het in die wildernis van Sien gekom, wat tussen Eilim en Sinai lê, op die vyftiende dag van die tweede maand nadat hulle uitgetrek het uit die land van Mitzrayim.
- 2 Die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het in die wildernis teen Mosheh en Aharon gebrom.
- 3 Die seuns van Yisra'el het vir hulle gesê: “Het ons maar in Mitzrayim deur die hand van יהוה gesterf toe ons by die vleispotte gesit en brood geëet het tot versadiging toe, want julle het ons in hierdie wildernis uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat doodgaan.”
- 4 יהוה sê vir Mosheh: “Let op, Ek sal vir julle brood uit die hemele laat reën; dan moet die volk uitgaan en dag vir dag bymekaarmaak sodat Ek hulle kan toets, of hulle volgens My instruksies (Torah) sal loop of nie. Num 11:7,8; Ps 105:40; Yog 6:32”
- 5 Dit sal wees dat op die sesde dag, as hulle voorberei wat hulle inbring, dit dubbel soveel sal wees as wat hulle daaglik bymekaarmaak.”
- 6 Mosheh en Aharon sê vir al die seuns van Yisra'el: “Teen sonsondergang sal julle weet dat יהוה julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het
- 7 en in die oggend sal julle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה sien omdat Hy julle gebrom teen יהוה gehoor het, want wat is ons dat julle teen ons kla?”
- 8 Mosheh het gesê: “Wanneer יהוה julle vleis gee om te eet teen sonsondergang en in die oggend brood tot vervullens toe, dan het יהוה julle gebrom gehoor wat julle teen Hom kla, want wat is ons? Julle gebrom is nie teen ons nie, maar teen יהוה.”
- 9 Mosheh het met Aharon gepraat: “Sê vir die hele vergadering van die seuns van Yisra'el: Kom nader voor יהוה, want Hy het julle klagtes gehoor.”
- 10 Terwyl Aharon met die hele vergadering van die kinders van Yisra'el praat, draai hulle na die wildernis toe en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה verskyn in die wolk.
- 11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 12 “Ek het die klagtes van die seuns van Yisra'el gehoor; praat met hulle en sê: In die aand sal julle vleis eet en in die oggend met brood versadig word en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is.”
- 13 So het dit gebeur dat teen sonsondergang daar kwartels opgekom en die kamp toegedek het en in die oggend was daar 'n laag dou rondom die kamp.
- 14 Nadat die laag dou opgetrek het, het daar oor die wildernis iets gelê wat fyn en korrelrig was, so fyn soos ryp op die grond.

- 15 Toe die seuns van Yisra'el dit sien, sê hulle vir mekaar: “Wat is dit? (Man hu?)”
Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Mosheh sê vir hulle: “Dit is die brood wat יְהוָה vir julle gee as kos. Num 11:7,8; Ps 105:40; Yog 6:32
- 16 Dit is wat יְהוָה beveel het: ‘Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, ’n ’omer vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent’.”
- 17 Die seuns van Yisra'el het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder,
- 18 maar toe hulle dit met die ’omer meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. ² Kor 8:15
Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.
- 19 Mosheh het vir hulle gesê: “Niemand moet daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie.”
- 20 Nóg tans het hulle nie na Mosheh geluister nie: sommige het daarvan laat oorbly tot die oggend toe en daar het wurms ingekom en dit het gestink. Mosheh was woedend vir hulle.
- 21 Hulle het dit oggend na oggend bymekaargemaak, elkeen na sy behoefte en wanneer die son warm word, smelt dit weg.
- 22 Op die sesde dag het hulle twee maal soveel brood bymekaargemaak, twee ’omers vir elkeen en al die owerstes van die vergadering het gekom en aan Mosheh gerapporteer
- 23 en hy sê vir hulle: “Dit is wat יְהוָה gesê het: Môre is dit ’n rusdag, ’n afgesonderde Shabbat tot יְהוָה. Wat julle wil bak, bak dit en wat julle wil kook, kook dit en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die oggend toe.” Eks 12:16; 35:3
- 24 Hulle het dit gebêre tot die oggend toe, soos Mosheh beveel het en dit het nie gestink nie en daar was ook nie wurms in nie.
- 25 Mosheh sê: “Eet dit vandag, want dit is vandag ’n Shabbat tot יְהוָה. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie.
- 26 Ses dae lank moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag is dit Shabbat, dan sal dit nie daar wees nie.”
- 27 Dit het gebeur dat sommige mense op die sewende dag uitgegaan het om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie.
- 28 יְהוָה sê vir Mosheh: “Hoe lank weier julle om My opdragte en My wette uit te voer?
- 29 Gee aandag: aangesien יְהוָה vir julle die Shabbat gegee het, gee Hy vir julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen in sy plek bly; laat niemand op die sewende dag van sy blyplek af weggaan nie.”
- 30 So het die volk op die sewende dag gerus.
- 31 Die huis van Yisra'el het dit ‘man hu’ genoem en dit was wit soos koljandersaad en dit het gesmaak soos wafelkoek met heuning gemaak.
- 32 Toe sê Mosheh: “Dit is wat יְהוָה beveel het: ’n ’omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte sodat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die wildernis laat eet het, toe Ek julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het.”
- 33 Mosheh sê vir Aharon: “Vat ’n pot en gooi ’n ’omer vol ‘man hu’ daarin en sit dit voor יְהוָה neer, om dit vir julle geslagte te bewaar.”

- 34 Soos יְהוָה Mosheh beveel het, so het Aharon dit voor die Getuïenis neergesit om bewaar te word.
- 35 Die seuns van Yisra'el het die 'man hu' veertig jaar lank geëet totdat hulle in 'n bewoonde land gekom het. Hulle het 'man hu' geëet totdat hulle by die grens van die land Kena'an gekom het.
- 36 'n `Omer is die tiende van 'n efa.
- 17** ¹ Die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het, volgens die bevel van יְהוָה, uitgetrek op hulle reis uit die wildernis van Sien en kamp opgeslaan in Refidim. Daar was geen water vir die volk om te drink nie.
- 2 Die volk het daarom met Mosheh geargumenteer en gesê: "Gee vir ons water om te drink." Mosheh antwoord hulle: "Wat argumenteer julle met my? Waarom toets julle יְהוָה?"
- 3 Die volk het daar gesmag na water en het teen Mosheh gebrom en gesê: "Waarom het u ons uit Mitzrayim laat optrek om ons, ons seuns en ons vee van dors te laat doodgaan?"
- 4 Mosheh het uitgeroep na יְהוָה en gesê: "Wat moet ek met hierdie volk doen? Hulle is amper gereed om my te stenig."
- 5 יְהוָה antwoord Mosheh: "Gaan verby, voor die volk uit en vat van die oudstes van Yisra'el saam met jou. Vat ook in jou hand die staf, waarmee jy die rivier (Nyl) geslaan het, saam en gaan.
- 6 Let op, Ek sal daar voor jou op die rots by Horev staan en jy moet die rots slaan en daar sal water uitkom sodat die volk kan drink." Mosheh het so gedoen voor die oë van die oudstes van Yisra'el.
- 7 Hy het die plek Massah en M'rivah genoem vanweë die stryery van die seuns van Yisra'el en omdat hulle יְהוָה getoets het deur te sê: "Is יְהוָה tussen ons of nie?"
- 8 `Amalek het gekom en by Refidim teen Yisra'el geveg. Deut 25:17; 1 Sh'm 15:2
- 9 Mosheh het vir Y'hoshua gesê: "Kies sommige manne, trek uit en veg teen `Amalek. Môre sal ek op die top van die heuwel staan met die staf van God in my hand."
- 10 Y'hoshua het gedoen soos Mosheh vir hom gesê het en teen `Amalek geveg en Mosheh, Aharon en Hur het opgeklim na die top van die heuwel.
- 11 So het dit gebeur: terwyl Mosheh sy hand ophou, was Yisra'el die sterkste, maar as hy sy hand laat sak, was `Amalek die sterkste.
- 12 Die hande van Mosheh het swaar geword, toe vat hulle 'n klip en sit dit onder hom sodat hy daarop kon sit en Aharon en Hur het sy hande ondersteun, die een aan die een kant en die ander aan die anderkant. So het sy hande dan stewig gebly tot sononder.
- 13 Y'hoshua het `Amalek en sy volk met die skerpte van die swaard verslaan.
- 14 יְהוָה sê vir Mosheh: "Skryf dit as 'n herinnering in 'n boek en herhaal dit in die ore van Y'hoshua: Ek sal die gedagtenis van `Amalek heeltemal onder die hemel uitwis." Deut 25:17; 1 Sh'm 15:2
- 15 Mosheh het 'n altaar gebou en dit genoem: "יְהוָה-Nissi (יְהוָה-my-Banier)"
- 16 en gesê: "Yah het gesweer! (Lett. Hand op die troon van Yah.) יְהוָה sal oorlog maak teen `Amalek van geslag tot geslag."

- 18** 1 Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, Mosheh se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Mosheh en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה Yisra'el uit Mitzrayim uitgebring het.
- 2 Yitro, Mosheh se skoonvader, het Tzipporah, die vrou van Mosheh (nadat hy haar teruggestuur het)
- 3 en haar twee seuns, gevat. Die naam van die een was Gershom, want hy het gesê: 'Ek was 'n besoeker in 'n vreemde land;' 1 Kro 23:15-17; 24:20-21; Hand 7:29
- 4 en die naam van die ander was Eli'ezer, want, het hy gesê, 'die God van my vader is my Hulp en het my van Farao se swaard bevry.'
- 5 Yitro, Mosheh se skoonvader, het met sy seuns en sy vrou na Mosheh gekom in die wildernis waar hy by die berg van God kamp opgeslaan het.
- 6 Hy het Mosheh laat weet: "Ek, jou skoonvader Yitro, kom na jou toe met jou vrou en haar twee seuns saam met haar."
- 7 Mosheh het uitgegaan, sy skoonvader tegemoet en hy het neergebuig en hom gesoen en hulle het na mekaar se welstand gevra en in die tent ingegaan.
- 8 Mosheh het sy skoonvader alles vertel wat יהוה aan Farao en aan die Mitzrayimiete, ter wille van Yisra'el, gedoen het; al die moeilikheid wat hulle op die pad teëgekrom het en hoe יהוה hulle verlos het.
- 9 Yitro het hom verheug oor al die goedheid wat יהוה aan Yisra'el gedoen het, wat Hy uit die hand van die Mitzrayimiete bevry het.
- 10 Yitro het gesê: "Geseënd is יהוה wat julle bevry het uit die hand van die Mitzrayimiete en uit die hand van Farao, wat die volk van onder die heerskappy van die Mitzrayimiete uit bevry het.
- 11 Nou weet ek dat יהוה groter is as al die gode, want in die presiese dinge waarin hulle trots opgetree het, is dit bewys."
- 12 Yitro, Mosheh se skoonvader, het 'n brandoffer en slagoffers gebring tot eer van God en Aharon en al die oudstes van Yisra'el het gekom om saam met Mosheh se skoonvader 'n maaltyd te eet voor die Teenwoordigheid van God.
- 13 So was dit dat Mosheh die volgende dag gesit het om te oordeel vir die volk en die volk het voor Mosheh gestaan van die oggend af tot die aand toe.
- 14 Toe Mosheh se skoonvader alles sien wat hy vir die volk doen, sê hy: "Wat is dit wat jy vir die volk doen? Waarom sit jy alleen as regter en die hele volk staan voor jou van die oggend af tot die aand toe?"
- 15 Mosheh antwoord sy skoonvader: "Omdat die volk na my toe kom om God te raadpleeg.
- 16 As hulle 'n saak het, kom dit na my toe en ek oordeel tussen 'n man en sy naaste en maak die voorskrifte en wette van God bekend."
- 17 Mosheh se skoonvader sê vir hom: "Die ding wat jy doen, is nie goed nie.
- 18 Beide jy en die mense wat saam met jou is, sal heeltemal uitgeput raak, want die saak is 'n te groot las vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie.
- 19 Luister nou na my stem; ek sal jou raad gee en God sal met jou wees. Wees voor God vir die volk 'n verteenwoordiger en bring jy hulle sake voor God,

20 leer hulle dan die voorskrifte en wette en maak hulle die pad bekend waarop hulle moet loop en die werk wat hulle moet doen. Gen 1:26,28; Deut 5:31-33; Yog 14:5,6,10; Efe 2:10; 4:12

21 Meer nog jy moet uit die hele volk bekwame manne kies wat God respekvol vrees, manne van waarheid wat onregverdige wins haat en dié aanstel oor hulle as heersers oor 'n duisend, heersers oor 'n honderd, heersers oor vyftig en heersers oor tien

22 en hulle voortdurend oor die volk laat oordeel. Dit sal dan wees dat hulle al die groot sake na jou toe moet bring, maar in al die klein sake moet hulle self oordeel. Dit sal so makliker wees vir jou en hulle sal saam met jou die las dra.

23 As jy dit doen en God dit so beveel, Num 11:16,17 dan sal jy kan uithou en sal ook al hierdie mense in vrede na hulle blyplek kan gaan.”

24 Mosheh het geluister na sy skoonvader en alles gedoen wat hy gesê het.

25 Mosheh het bekwame manne uit die hele Yisra'el gekies en hulle as hoofde oor die volk aangestel: heersers oor 'n duisend, oor 'n honderd, oor vyftig en oor tien.

26 Hulle het voortdurend oor die volk geoordeel: die moeilike sake het hulle na Mosheh gebring, maar in al die klein sake self geoordeel.

27 Mosheh het sy skoonvader gegroet en hy het na sy land toe gegaan.

19 1 In die derde maand nadat die kinders van Yisra'el uit die land van Mitzrayim uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom.

2 Hulle het van Refidim af opgebreek, in die wildernis van Sinai gekom en in die wildernis kamp opgeslaan. Yisra'el het daar voor die berg kamp opgeslaan.

3 Mosheh het opgeklim na God toe en **יהוה** het uitgeroep na hom van die berg af en gesê: “So moet jy vir die huis van Ya'akov sê en aan die seuns van Yisra'el vertel:

4 Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayimiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het;

5 daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. 1 Yog 2:3

6 Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê.” 1 Kef 2:5,9; Open 5:10; 20:6

7 Mosheh het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat **יהוה** hom beveel het.

8 Die hele volk het saam geantwoord en gesê: “Alles wat **יהוה** gesê het, sal ons doen.” Mosheh het die woorde van die volk teruggevat na **יהוה** toe.

9 **יהוה** het met Mosheh gepraat: “Let op, Ek kom na jou toe in 'n dik wolk sodat die volk kan hoor as Ek met jou praat en jou vir altyd vertrou.” Toe het Mosheh die woorde van die volk aan **יהוה** oorgedra.

10 **יהוה** het ook vir Mosheh gesê: “Gaan na die volk toe en sonder hulle vandag en môre af en laat hulle hul klere was

11 en gereed wees vir die derde dag, want op die derde dag sal **יהוה** voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afkom.

12 Jy moet ook vir die volk grense rondom stel en sê: ‘Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, sal sekerlik doodgemaak word.’

- 13 Geen hand mag aan hom raak nie, maar hy moet gestenig word met klippe of met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is; hy mag nie lewe nie. As die ramshoring 'n lang geluid blaas, mag hulle opgaan na die berg.”
- 14 Mosheh het van die berg af na die volk toe gegaan en die volk afgesonder en hulle het hul klere gewas.
- 15 Hy het vir die volk gesê: “Wees gereed vir die derde dag; moenie by julle vrouens kom nie.”
- 16 Dit het op die derde dag, met die breek van die dag, gebeur dat daar harde stemme en weerlig en 'n swaar wolk op die berg was en die klank van 'n baie harde ramshoring sodat die hele volk wat in die kamp was, gebewe het.
- 17 Mosheh het die volk uit die kamp uitgelei om God te ontmoet en hulle het gaan staan by die voet van die berg. ^{Hand 2:1-3}
- 18 Die hele berg Sinai was in rook omdat יהוה in 'n vuur daarop afgekom het. Sy rook het opgetrek soos die rook van 'n hoogoond en die hele berg het vreeslik geskud.
- 19 Toe die klank van die ramshoring aangehou het en uitermate harder geword het, het Mosheh gepraat en God het hom met 'n harde stem geantwoord.
- 20 יהוה het afgekom op die berg Sinai, op die top van die berg en יהוה het Mosheh na die top van die berg geroep en Mosheh het opgegaan.
- 21 יהוה het vir Mosheh gesê: “Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie moet deurbreek om יהוה te sien en baie van hulle doodgaan nie.
- 22 Laat ook die priesters wat naby יהוה kom, hulleself afsonder sodat יהוה nie teen hulle uitbreek nie.”
- 23 Mosheh sê vir יהוה: “Die volk kan nie op die berg Sinai kom nie, want U het ons self gewaarsku en gesê: ‘Grens die berg af en sonder dit af’.”
- 24 יהוה sê vir hom: “Gaan. Gaan af en kom weer terug, jy en Aharon saam met jou, maar die priesters en die volk mag nie deurbreek na יהוה toe nie sodat Hy nie teen hulle uitbreek nie.”
- 25 Mosheh het na die volk toe afgegaan en met hulle gepraat.

20 1 God het al hierdie woorde gepraat en gesê:

- 2 “Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
- 3 Jy mag geen ander gode voor My hê nie.
- 4 Jy mag vir jou geen afgod ^{Eks 34:17} of enige verpersoonliking maak ^{Rom 1:23} van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
- 5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat, ^{Eks 34:7; Yeg 18:20-26}
- 6 maar omgee wys aan duisende wat My lief het en My opdragte uitvoer. ^{Yog 14:15}
- 7 Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie onskuldig beskou nie.
- 8 Onthou om die Shabbatdag afgesonderd te hou. ^{Eks 31:14-17; Yes 58:13; Mat 12:8; Heb 4:9}
- 9 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,

- 10 maar die sewende dag is 'n Shabbat van יְהוָה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie,
- 11 want in ses dae het יְהוָה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is ^{Open 10:6} en op die sewende dag het Hy gerus; daarom het יְהוָה die sewende dag geseën en dit afgesonder.
- 12 Eer jou vader en jou moeder sodat jou dae verleng mag word in die land wat יְהוָה, jou God, aan jou gee. ^{Mar 7:10; Efe 6:1-3}
- 13 Jy mag nie moord pleeg nie. ^{Mat 5:21}
- 14 Jy mag nie egbreuk pleeg nie. ^{Mat 5:27}
- 15 Jy mag nie steel nie.
- 16 Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie.
- 17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy slaaf, of sy slavin, of sy os, of sy donkie, of iets wat aan jou naaste behoort nie. ^{Rom 7:7}
- 18 Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien, het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan.
- 19 Hulle het vir Mosheh gesê: “Praat u self met ons en ons sal luister, maar laat God nie met ons praat nie sodat ons nie sterf nie. ^{Deut 5:22-28}
- 20 Mosheh sê vir die volk: “Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets en sodat Sy vrees by julle kan bly sodat julle nie sondig nie.”
- 21 Die volk het op 'n afstand bly staan, maar Mosheh het nader gegaan na die dik wolk waar God was.
- 22 יְהוָה sê vir Mosheh: “So moet jy vir die seuns van Yisra'el sê: “Julle het self gesien dat Ek met julle van die hemele af gepraat het.
- 23 Julle mag nie vir julleself langs My, gode van silwer en gode van goud maak nie.
- 24 'n Altaar van grond moet jy vir My maak en daarop moet jy jou brandoffers en vredesoffers, jou kleinvee en jou beeste, offer. Op elke plek waar Ek My Naam (Karakter en Outoriteit) sal laat onthou, sal Ek na jou toe kom en jou seën.
- 25 As jy vir My 'n klip altaar maak, mag jy dit nie bou van gekapte klip nie, want as jy jou gereedskap daarvoor swaai, dan skend jy dit.
- 26 Jy mag ook nie met trappe na My altaar toe opgaan dat jou skaamte daarvoor ontbloot word nie.”
- 21** 1 “Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou:
- 2 as jy 'n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal.
- 3 As hy alleen kom, moet hy alleen weggaan; as hy getroud is, moet sy vrou saam met hom weggaan.
- 4 As sy meester aan hom 'n vrou gee en sy vir hom geboorte gee aan seuns of dogters, moet die vrou met haar kinders haar meester se eiendom wees en hy moet alleen weggaan,

- 5 maar as die slaaf duidelik sê: 'Ek het my meester, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as 'n vry man weggaan nie,' ^{Deut 15:15-17}
- 6 dan moet sy meester hom na God toe bring, asook na die deur of die kosyn toe bring en sy meester moet sy oor met 'n els deurboor en hy moet hom vir altyd dien.
- 7 As 'n man sy dogter as slavin verkoop, mag sy nie soos die slawe vry weggaan nie.
- 8 As sy nie aanvaarbaar gevind word in die oog van haar meester wat haar vir homself uitgehou het nie, moet hy haar laat loskoop. Hy het nie outoriteit om haar aan 'n vreemde volk te verkoop nie omdat hy ontrou teenoor haar opgetree het.
- 9 As hy haar aan sy seun verloor het, moet hy met haar handel volgens die gebruik van dogters;
- 10 as hy vir hom 'n ander een vat, mag hy haar kos, haar klere en haar huwelikspilg (seksuele gemeenskap) nie verminder nie
- 11 en as hy nie hierdie drie dinge vir haar doen nie, kan sy vry weggaan, sonder om te betaal.
- 12 Hy wat 'n mens slaan dat hy doodgaan, moet die dood sterf.
- 13 As hy egter nie daarvoor lê en wag het nie, maar God hom in sy hand laat val het, dan sal Ek vir jou 'n plek aanwys waarheen hy mag vlug,
- 14 maar as 'n man met voorbedagte rade teen sy naaste optree, om hom met misleiding dood te maak, moet jy hom selfs van My altaar af wegvat dat hy sal sterf. ^{1 Kon 2:28-34}
- 15 Hy wat sy vader of moeder slaan, moet die dood sterf.
- 16 Hy wat 'n mens steel en hom verkoop, of as hy in sy besit gekry word, dié moet die dood sterf.
- 17 Hy wat sy vader of moeder vloek, moet die dood sterf. ^{Mat 15:4; Mar 7:10}
- 18 As manne stry en die een die ander met 'n klip of met die vuig slaan sodat hy nie doodgaan nie, maar bedlënd word;
- 19 as hy weer opstaan en buite met sy staf rondloop, moet hy wat hom geslaan het, vrygestel word; net sy tydverlies moet hy vergoed en voorsien dat hy van sy beserings genees.
- 20 As iemand sy slaaf of slavin met 'n stok slaan dat dié onder sy hand sterwe, moet wraak geneem word om dit te wreek,
- 21 maar as hy ná een of twee dae nog lewe, moet dit nie gewreek word nie, want hy is deel van sy eiendom.
- 22 As manne met mekaar baklei en 'n swanger vrou so stamp dat haar kind afkom, maar sonder skade, moet hy 'n boete betaal volgens wat die man van die vrou van hom verwag en hy moet dit betaal volgens wat die regters besluit,
- 23 maar as daar enige verdere skade is, dan moet jy as straf lewe vir lewe aanwys,
- 24 oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet, ^{Deut 19:21; Mat 5:38}
- 25 brandplek vir brandplek, wond vir wond, merk vir merk.
- 26 As iemand sy slaaf of slavin op die oog slaan en hy dit vernietig, moet hy hom vry laat weggaan vir sy oog.
- 27 As hy die tand van sy slaaf of van sy slavin uitslaan, moet hy hom vry laat weggaan vir sy tand.

- 28 As 'n bees 'n man of 'n vrou deurboor sodat hy sterf, moet die bees met klippe tot die dood gestenig word en sy vleis mag nie geëet word nie, maar die eienaar van die bees sal vry wees,
- 29 maar as die bees tevore al met sy horings gestoot het en sy eienaar gewaarsku is, maar dit nie ingeperk het nie en dit 'n man of 'n vrou doodmaak, moet die bees gestenig word en sy eienaar moet ook gedood word.
- 30 As aan hom loskoopgeld opgelê word, moet hy vir die loskoping van sy lewe alles gee wat hom opgelê word.
- 31 Of dit 'n seun deurboor het of 'n dogter, volgens hierdie selfde oordeel moet met hom gehandel word.
- 32 As die bees 'n slaaf of slavin deurboor, moet hy aan hulle meester dertig sikkels silwer gee en die bees moet gestenig word.
- 33 As iemand 'n put oopmaak, of as iemand 'n put grawe en dit nie toemaak nie en 'n bees of donkie val daarin,
- 34 moet die eienaar van die put vergoeding gee: hy moet aan die eienaar van die dier geld gee en die dooie dier moet syne wees.
- 35 As 'n man se bees die bees van 'n ander stoot sodat dit sterf, moet hulle die lewendige bees verkoop en die geld daarvan verdeel en die dooie een moet hulle ook verdeel,
- 36 of as dit bekend was dat die bees tevore al stoterig was en sy baas dit nie ingeperk het nie, moet hy ten volle bees vir bees vergoed en die dooie een sal syne wees.
- 22** 1 As 'n man 'n bees of 'n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste vir 'n bees en vier skape vir 'n skaap vergoed. ^{Luk 19:8}
- 2 As 'n dief betrap word terwyl hy inbreek en hy word geslaan sodat hy sterwe, sal daar geen skuld vir bloedvergieting teenoor hom wees nie;
- 3 as die son oor hom opgegaan het, sal daar skuld wees vir sy bloed. Hy moet ten volle vergoeding gee; as hy niks het nie, moet hy vir sy diefstal verkoop word.
- 4 As die gesteelde goed, of dit 'n bees, 'n donkie of 'n skaap is, nog lewendig in sy hand gevind word, moet hy dubbel vergoeding gee.
- 5 As iemand 'n stuk veld of 'n wingerd laat af eet en sy vee vry laat loop sodat dit die veld van 'n ander af eet, moet hy van die beste van sy veld en die beste van sy wingerd as vergoeding gee.
- 6 As 'n vuur uitbreek en na dorings versprei sodat 'n mied of die ongesnyde graan of die veld verteer word, moet hy wat die vuur begin het, ten volle vergoeding gee.
- 7 As iemand aan sy naaste geld of artikels in bewaring gee en dit word uit die man se huis gesteel, moet die dief, as hy gevind word, dubbel vergoeding gee.
- 8 As die dief nie gevind word nie, moet die eienaar van die huis na die regters gaan om te beslis of hy nie sy hand in sy naaste se goed gesteek het nie.
- 9 By alle sake van vertrouensbreuk, of dit gaan oor 'n bees, oor 'n donkie, oor 'n skaap, oor klere of oor enige iets wat verlore is, waarvan iemand sê: 'Dit is myne!' moet die saak van altwee voor die regters kom; die een wat die regters skuldig verklaar, moet aan sy naaste dubbel vergoeding gee.

- 10 As iemand aan sy naaste 'n donkie of bees of skaap of enige dier gee om vir hom op te pas en dit gaan dood of word beseer of word verwyder as plunder sonder dat iemand dit gesien het,
- 11 dan moet 'n eed by יהוה tussen hulle altwee wees, of hy nie sy hand na sy naaste se goed uitgesteek het nie en die eienaar moet daarmee tevrede wees en die ander hoef geen vergoeding te gee nie,
- 12 maar as dit van hom gesteel is, moet hy aan die eienaar vergoeding gee.
- 13 As dit verskeur is, moet hy dit as bewys bring; wat verskeur is, hoef hy nie te vergoed nie.
- 14 As 'n man van sy naaste iets leen en dit kry 'n ongeluk of gaan dood terwyl die eienaar nie by is nie, moet hy ten volle vergoeding gee.
- 15 As die eienaar by was, hoef hy geen vergoeding te gee nie. As dit gehuur was, is die huurgeld daarvoor.
- 16 As iemand 'n jongmeisie wat nie verloof is nie, verlei en by haar lê, moet hy haar vir die volle huweliksprys as sy vrou koop.
- 17 As haar vader beslis weier om haar vir hom te gee, moet hy geld gee volgens die huweliksprys vir jongmeisies.
- 18 'n Heks mag jy nie laat lewe nie.
- 19 Elkeen wat met 'n dier gemeenskap het, moet die dood sterf.
- 20 Hy wat aan enige god offer, behalwe aan יהוה alleen, moet vernietig word.
- 21 Jy mag nie 'n vreemdeling sleg behandel of hom onderdruk nie, want julle was vreemdelinge in die land van Mitzrayim.
- 22 Julle mag geen weduwee of wees leed aandoen nie.
- 23 As jy hulle enigins leed aandoen en hulle roep uit na My toe, dan sal Ek hulle geroep sekerlik hoor ^{Ps 146:9}
- 24 en My woede sal brand en Ek sal julle met die swaard ombring; julle vroue sal weduwees en julle kinders vaderloos wees.
- 25 As jy aan My volk, aan die arme by jou, geld leen, mag jy vir hom nie soos 'n skuldeiser wees nie: julle mag hom geen rente oplê nie. ^{Ps 15:5}
- 26 As jy ooit jou naaste se klere as pand neem, moet jy dit vir hom teruggee voor die son ondergaan,
- 27 want dit is sy enigste bedekking, dit is die klere vir sy vel. Waarin moet hy anders slaap? As hy na My roep, sal Ek hoor, want Ek is goedgunstig.
- 28 Jy mag die regter nie uitskel en 'n heerser oor jou volk nie vloek nie. ^{Hand 23:4,5}
- 29 Jy mag nie die offer van die eerste van jou oes en jou druiwe oes uitstel nie. Die eersgeborene van jou seuns moet jy aan My gee.
- 30 Jy moet dieselfde doen met jou beeste en jou skape: sewe dae moet dit by sy moeder wees en op die agtste dag moet jy dit vir My gee.
- 31 Julle moet vir My afgesonderde mense wees. Julle mag nie vleis eet wat in die veld verskeur is nie. Julle moet dit vir die honde gooi. ^{Deut 14:21}
- 23** 1 Jy mag geen valse gerug versprei nie. Moenie jou hand by die bose oortreder sit om 'n valse getuie te wees nie.

- 2 Jy mag nie die meerderheid volg in doen van boosheid nie en jy mag nie in 'n regsak getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.
- 3 Jy mag nie partydig wees vir die arme in sy regsak nie.
- 4 As jy jou vyand se bees of donkie teëkom wat wegdwaal, moet jy dit aan hom terugbesorg.
- 5 As jy een wat jou haat se donkie onder sy pak sien lê, moet jy dit nie aan hom oorlaat nie: jy moet hom dit help bevry.
- 6 Jy mag nie die reg van jou behoeftiges in hulle regsak opsy skuif nie.
- 7 Hou jouself ver weg van valse aanklagte af en moenie die onskuldige en die regverdige doodmaak nie, want Ek sal die bose oortreder nie regverdig verklaar nie.
- 8 Jy mag ook geen omkoopgeskenk aanvaar nie, want 'n omkoopgeskenk maak die siendes blind en verdraai die woorde van die regverdiges.
- 9 Jy mag die vreemdeling ook nie onderdruk nie, want julle verstaan self die lewe van 'n vreemdeling omdat julle vreemdelinge in Mitzrayim was.
- 10 Ses jaar lank moet jy jou land saai en die opbrengs daarvan inbring,
- 11 maar in die sewende jaar moet jy dit laat rus en braak laat lê dat die behoeftiges van jou volk kan eet en wat hulle laat oorbly, die diere van die veld kan opeet. Net so moet jy ook doen met jou wingerd en jou olyfbome.
- 12 Ses dae moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy rus sodat jou os en jou donkie kan rus en die seun van jou slavin en die vreemdeling verfris kan word.
- 13 In alles wat Ek vir julle gesê het, wees versigtig en noem geen ander god by die naam (karakter en outoriteit) nie en laat dit uit jou mond nie gehoor word nie.
- 14 Drie maal per jaar moet jy vir My 'n fees hou. ^{Lev 23}
- 15 Die Fees van Ongesuurde Brode moet jy hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die vasgestelde tyd in die maand Aviv, want daarin het jy uit Mitzrayim uitgetrek; niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.
- 16 Jy sal ook die Fees van die Oes hou, van die eersteling-oes van jou werk, van wat jy op die land saai en ook die Fees van die Insameling aan die einde van die jaar wanneer jy jou werk uit die land insamel.
- 17 Drie maal per jaar moet al jou mensepersone voor die Meester, יהוה, verskyn.
- 18 Jy mag die bloed van My offer nie saam met gesuurde brood offer nie. Ook mag die vet van My feesoffer nie tot die oggend toe oorbly nie.
- 19 Die eerste van die eersteling-oes van jou grond moet jy in die huis van יהוה, jou God, bring. Jy mag 'n bokkie nie kook in sy moeder se melk nie.
- 20 Let op, Ek stuur 'n boodskapper voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.
- 21 Wees waaksaam voor hom en luister na sy stem; moenie rebels wees teenoor hom nie, want hy sal julle oortreding nie verdra nie, want My Karakter en Outoriteit (Naam) is in hom,
- 22 maar as jy sekerlik na sy stem luister en alles doen wat Ek sal sê, sal Ek 'n Vyand van jou vyande en 'n Teëstander van jou teëstanders wees,

- 23 want My boodskapper sal voor jou uit gaan en jou bring na die Emoriete, Hittiete, P'riziete, Kena'aniete, Hiviete en Y'vusiete en Ek sal hulle volkome vernietig.
- 24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen volgens hulle dade nie, maar jy moet hulle omgooi en hulle afbreek en hulle klippilare breek en in stukkies slaan. ^{Deut 12:31; 1 Kon 11}
- 25 Julle moet יְהוָה, julle God, dien en Ek sal jou brood en jou water seën en Ek sal siektes van tussen jou uit verwyder.
- 26 Niemand in jou land sal 'n miskraam hê of onvrugbaar wees nie. Ek sal die getal van jou dae vervul.
- 27 Ek sal My vrees voor jou uit stuur en verwarring bring by elke volk waarby jy kom en Ek sal dat al jou vyande hulle rûe na jou toe draai
- 28 en Ek sal perdebye voor jou uitstuur; dié sal die Hiviete, Kena'aniete en Hittiete voor jou uitdryf.
- 29 Ek sal hulle nie in een jaar voor jou uit verdryf nie sodat die land nie woes word en die wilde diere te veel word vir jou nie.
- 30 Bietjie vir bietjie sal Ek hulle voor jou uit verdryf totdat jy vrugbaar word en besit neem van die land.
- 31 Ek het jou grense vasgestel van die Sufsee af tot by die See van die F'lishtyne en van die wildernis af tot by die Rivier (Eufraat), want Ek sal die inwoners van die land in julle hand oorgee en jy sal hulle voor jou uit verdryf.
- 32 Jy mag met hulle of met hulle gode geen verbond sluit nie.
- 33 Hulle mag nie in jou land bly sodat hulle jou teen My kan laat sondig nie, want as jy hulle gode dien, sal dit vir jou 'n strik wees." ^{1 Kon 11:1-12}
- 24** 1 Hy het vir Mosheh gesê: "Kom op na יְהוָה toe, jy, Aharon, Nadav, Avihu en sewentig van die oudstes van Yisra'el en lê met julle gesigte op die grond op 'n afstand.
- 2 Mosheh alleen moet naderkom na יְהוָה toe, maar hulle moenie naderkom nie en die volk mag nie saam met hom opkom nie."
- 3 Mosheh het gekom en aan die volk al die woorde van יְהוָה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: "Al die woorde wat יְהוָה gesê het, sal ons doen."
- 4 Mosheh het al die woorde van יְהוָה opgeskryf en die oggend vroeg opgestaan en by die voet van die berg 'n altaar en twaalf pilare, volgens die twaalf stamme van Yisra'el, gebou.
- 5 Hy het jongmanne van die seuns van Yisra'el gestuur wat brandoffers geoffer het en bulle as vredesoffers vir יְהוָה geslag het.
- 6 Mosheh het die helfte van die bloed gevat en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed op die altaar gesprinkel.
- 7 Hy het die Boek van die Verbond ^{Eks 15:25} gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: "Alles wat יְהוָה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees." ^{Open 1:3}
- 8 Mosheh vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: "Hierdie is die bloed van die verbond wat יְהוָה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde." ^{Luk 22:20; Heb 9:20}

- 9 Mosheh het opgegaan saam met Aharon, Nadav, Avihu en sewentig van die oudstes van Yisra'el
- 10 en hulle het die God van Yisra'el gesien en onder Sy voete was dit net soos 'n vloerwerk van stene van saffier en so helder soos die hemele self.
- 11 Hy het nie Sy hand teen die leiers van die seuns van Yisra'el uitgesteek nie en hulle het God gesien en het geëet en gedrink.
- 12 יהוה sê vir Mosheh: "Kom die berg op na My toe en bly daar en Ek sal vir jou die kliptafels met die wet gee en die opdragte wat Ek geskryf het om hulle te leer."
- 13 Mosheh het saam met Y'hoshua, sy dienskneg, opgestaan en Mosheh het op die berg van God opgegaan
- 14 en aan die oudstes gesê: "Wag hier vir ons tot ons na julle toe terugkom. Let op, Aharon en Hur is by julle; wie regsake het, kan na hulle toe gaan.
- 15 Mosheh het op die berg opgegaan en 'n wolk het die berg toegedek.
- 16 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het op die berg Sinai gebly en die wolk het dit ses dae lank toegedek en op die sewende dag het Hy na Mosheh geroep uit die wolk.
- 17 Die verskyning van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in die oë van die seuns van Yisra'el soos 'n verterende vuur op die top van die berg. ^{Heb 12:29}
- 18 Mosheh het binne-in die wolk ingegaan soos hy op die berg opgaan en Mosheh was veertig dae en veertig nagte op die berg.

25 יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 "Praat met die seuns van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wat met 'n gewillige hart gee, moet julle My offer ontvang.
- 3 Dit is die bydrae wat julle van hulle af moet vat: goud, silwer en koper;
- 4 persblou, pers en bloedrooi stowwe, wit geweefde linne en bokhaar;
- 5 rooigekleurde ramsvelle, dugongvle en akasihout;
- 6 olie vir beligting, speserye vir die salfolie en vir die aromatiese reukwerk;
- 7 oniksstene en stene om in te lê vir die skouerstuk en die borsplaat.
- 8 Hulle moet ook vir My 'n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly.
- 9 Volgens alles wat Ek jou gaan wys; die bloudrukplan van die tabernakel en die bloudrukplan van alles wat daarby hoort; presies so moet julle dit maak. ^{Hand 7:44}
- 10 Hulle moet 'n ark van akasihout maak. Sy lengte moet twee en 'n half el, sy breedte een en 'n half el en sy hoogte een en 'n half el wees.
- 11 Jy moet dit oortrek met suiwer goud, van binne en van buite moet jy dit oortrek en jy moet 'n goue rand rondom bo-op maak.
- 12 Jy moet vier ringe van goud daarvoor giet en dit aan sy vier voete vassit, twee ringe moet aan die een kant en twee ringe aan die ander kant wees.
- 13 Maak pale van akasihout, trek dit oor met goud
- 14 en steek die pale in die ringe aan weerskante van die ark om die ark daarmee te dra.
- 15 Die pale moet in die ringe van die ark bly; hulle mag nie daar uitgehaal word nie.
- 16 Jy moet die Getuienis, wat Ek vir jou gee, in die ark sit.

- 17 Maak ook 'n toedekking van suiwer goud. Sy lengte moet twee en 'n half el en sy breedte een en 'n half el wees.
- 18 Maak ook twee gérubs van goud. Van gietwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die toedekking.
- 19 Maak een gérub aan die een ent en een gérub aan die ander ent. Uit een stuk met die toedekking, moet julle die gérubs aan die twee ente maak.
- 20 Die gérubs moet hulle vlerke boontoe uitsprei en die toedekking met hulle vlerke bedek en hulle gesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die toedekking gerig wees.
- 21 Jy moet die toedekking bo-op die ark sit, maar in die ark moet jy die Getuienis sit wat Ek vir jou sal gee.
- 22 Daar sal Ek met jou ontmoet en van bo die toedekking af, van tussen die twee gérubs wat op die ark van die Getuienis is, met jou praat en alles sê wat Ek jou sal beveel aangaande die seuns van Yisra'el.
- 23 Jy moet ook 'n tafel van akasihout maak. Sy lengte moet twee el, sy breedte 'n el en sy hoogte een en 'n half el wees. ^{Heb 9:2}
- 24 Trek dit oor met suiwer goud en maak rondom 'n goue rand daarvoor.
- 25 Maak ook daarvoor 'n rand van 'n handbreedte rondom en maak 'n goue vorm vir die rand rondom.
- 26 Maak vier goue ringe vir dit en sit die ringe vas aan die vier hoeke by die vier pote.
- 27 Die ringe moet naby die rand wees as houters vir die pale om die tafel mee te dra.
- 28 Jy moet die pale maak van akasihout en dit oortrek met goud sodat die tafel daarmee gedra kan word.
- 29 Jy moet ook sy borde, sy panne en sy kruike maak en sy bekere waarmee gegooi moet word; van suiwer goud moet jy dit maak.
- 30 Jy moet voortdurend die brood van die Teenwoordigheid op die tafel voor My neersit.
- 31 Jy moet ook 'n lampstaander maak van suiwer goud. Die lampstaander moet van slaanwerk wees. Sy skag, sy arms, sy bakkies, sy knoppe en sy blomme moet uit een stuk wees.
- 32 Ses arms moet uit die sy kante uitgaan: drie arms van die lampstaander uit die een kant en drie arms van die lampstaander uit die ander kant.
- 33 Drie bakkies, soos amandelbloeisels gevorm, moet aan die een arm gemaak word, met 'n knop en 'n blom en drie bakkies wat soos amandelbloeisels gevorm is aan die ander arm, met 'n knop en 'n blom; so moet dit wees aan die ses arms wat uit die lampstaander uitgaan.
- 34 Aan die lampstaander self moet vier bakkies wees wat gevorm is soos amandelbloeisels, met knoppe en blomme:
- 35 daar moet 'n knop wees onder die eerste paar arms en 'n knop onder die tweede paar arms en 'n knop onder die derde paar arms wat daaruit uitgaan; volgens die ses arms wat uit die lampstaander uitgaan.
- 36 Hulle knoppe en hulle arms moet uit een stuk wees; alles saam moet een stuk slaanwerk van suiwer goud wees.

37 Jy moet ook sewe lampe daarvoor maak en hulle moet sy lampe so rangskik sodat dit lig gee aan die voorkant.

38 Hulle snuiters en bakkies moet van suiwer goud wees.

39 Dit moet van 'n talent suiwer goud gemaak word; met al hierdie bybehore.

40 Sien toe dat jy dit maak volgens die model daarvan wat vir jou op die berg gewys word. ^{Heb 8:5}

26 1 Jy moet verder die tabernakel van tien gordyne maak, van wit geweefde linne met persblou, pers en bloedrooi garing ingevleg; met gérubs kunstig ingevleg, moet jy dit maak.

2 Die lengte van elke gordyn moet agt en twintig el wees en die breedte van elke gordyn vier el. Al die gordyne moet dieselfde mate hê.

3 Vyf van die gordyne moet aanmekaar vasgewerk word en die ander vyf gordyne aanmekaar.

4 Jy moet lissies van persblou materiaal maak aan die kant van die buitenste gordyn van die een stel en jy moet dit net so maak aan die buitekant van die gordyn van die tweede stel.

5 Jy moet vyftig lissies aan die een gordyn maak en jy moet vyftig lissies maak aan die rand van die gordyn wat aan die tweede stel behoort. Die lissies moet regoor mekaar pas.

6 Jy moet ook vyftig goue hakies maak en die gordyne aanmekaar vassit met die hakies sodat die tabernakel een is.

7 Jy moet ook gordyne van bokhaar maak as 'n tentbedekking oor die tabernakel: jy moet elf gordyne maak.

8 Die lengte van elke gordyn moet dertig el wees en die breedte van elke gordyn vier el: die elf gordyne moet dieselfde mate hê.

9 Jy moet vyf van die gordyne afsonderlik aanmekaar werk en ses van die gordyne afsonderlik en jy moet die sesde gordyn dubbel vou aan die voorkant van die tent.

10 Jy moet vyftig lissies maak aan die kant van die laaste gordyn van die een stel en vyftig lissies aan die kant van die laaste gordyn van die tweede stel.

11 Jy moet ook vyftig koper hakies maak en die hakies in die lissies steek en jy moet die tentbedekking aanmekaar las sodat dit een is.

12 Die stuk van die gordyn van die tentbedekking wat oorbly, die halwe gordyn wat oorbly, moet oorhang aan die agterkant van die tabernakel

13 en 'n el aan weerskante van die lengte van die gordyne moet oorhang aan die sykante van die tabernakel, aan weerskante, om dit toe te dek.

14 Jy moet ook vir die tent 'n bedekking van rooigekleurde ramsvelle maak en 'n bedekking van dugongvelle daar bo-oor.

15 Jy moet ook die regopstaande planke vir die tabernakel van akasiahout maak.

16 Die lengte van 'n plank moet tien el wees en die breedte van elke plank een en 'n half el.

17 Elke plank moet twee tappe hê wat hulle aan mekaar kan bind. Jy moet dit so maak vir al die planke van die tabernakel.

18 Jy moet die planke vir die tabernakel maak: twintig planke vir die suidekant.

- 19 Jy moet ook veertig silwer voetstukke vir die twintig planke maak: twee voetstukke onder elke plank vir sy twee tappe.
- 20 Vir die tweede sykant van die tabernakel, aan die noordekant, twintig planke
- 21 met hulle veertig silwer voetstukke: twee voetstukke onder elke plank.
- 22 Vir die kant van die tabernakel, na die weste toe, moet jy ses planke maak.
- 23 Jy moet ook twee planke maak vir die hoeke van die tabernakel, aan die agterkant.
- 24 Hulle moet van onder tot bo dubbel wees en bo en onder vas met een ring. So moet dit met altwee wees; hulle sal vir die twee hoeke wees.
- 25 Daar sal dus agt planke wees met hulle silwer voetstukke, sestien voetstukke: twee voetstukke onder elke plank.
- 26 Jy moet ook pale van akasiahout maak: vyf vir die planke aan die een sykant van die tabernakel
- 27 en vyf pale vir die planke aan die ander sykant van die tabernakel; ook vyf pale vir die planke aan die kant van die tabernakel na die weste.
- 28 Die middelste balk moet deur die middel van die planke loop, van ent tot ent.
- 29 Jy moet die planke met goud oortrek en hulle ringe, as plekke vir die pale, moet jy van goud maak. Die pale moet jy ook met goud oortrek.
- 30 Jy moet die tabernakel oprig volgens die plan wat vir jou op die berg gewys is.
- 31 Jy moet 'n verdelingsgordyn maak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweeftde linne, met gérubs kunstig ingewerk. ^{Heb 9:3}
- 32 Jy moet dit aan vier pilare van akasiahout, wat met goud oorgetrek is, ophang. Hulle hake moet van goud wees en op vier silwer voetstukke staan.
- 33 Jy moet die verdelingsgordyn aan die hakies ophang en die ark van die Getuienis daar inbring, binnekan die verdelingsgordyn. Die verdelingsgordyn moet vir julle 'n skeiding maak tussen die Afgesonderde en die Mees Afgesonderde.
- 34 Jy moet die Toedekking op die Ark van die Getuienis neersit in die Mees Afgesonderde Plek.
- 35 Sit die tafel buitekant die verdelingsgordyn en die lampstaander teenoor die tafel aan die suidekant van die tabernakel. Die tafel moet jy aan die noordekant sit.
- 36 Jy moet ook vir die ingang van die tent 'n bedekking maak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweeftde linne, die produk van kunstige weefwerk.
- 37 Jy moet vir die bedekking vyf pilare van akasiahout maak en dit oortrek met goud; hulle hake moet ook van goud wees en jy moet vyf koper voetstukke vir hulle giet.
- 27** 1 Jy moet ook die altaar van akasiahout maak; die lengte moet vyf el wees en die breedte vyf el; die altaar moet vierkantig wees en sy hoogte drie el.
- 2 Jy moet sy horings op sy vier hoeke maak; sy horings moet saam met dit, uit een stuk wees en jy moet dit met koper oortrek.
- 3 Jy moet ook sy potte maak om die as te verwyder, asook sy grawe, skottels, vleishake en vuurpanne. Al dié toebehore moet jy van koper maak.
- 4 Jy moet 'n loopplank daarvoor maak; 'n netwerk van koper. Aan die loopplank moet jy vier koper ringe maak, aan die vier hoeke.

- 5 Jy moet dit onder die rand van die altaar vasmaak, onderaan sodat die loopplank tot by die helfte van die altaar kom.
- 6 Jy moet ook pale vir die altaar maak, pale van akasiahout en oorgetrek met koper.
- 7 Die pale moet in die ringe gestee word sodat die pale aan altwee kante van die altaar is om dit te dra.
- 8 Jy moet dit hol maak, van planke. Soos dit vir jou op die berg gewys is, net so moet hulle dit maak.
- 9 Jy moet ook die voorhof van die tabernakel maak. Vir die suidekant, moet daar vir die voorhof behangsels wees van wit geweefde linne; die lengte vir die een kant moet honderd el wees
- 10 en sy twintig pilare met hulle twintig voetstukke moet koper wees; die hake en die ringe van die pilare moet van silwer wees.
- 11 Net so moet daar ook aan die noordekant, in die lengte, behangsels wees, honderd el lank en sy twintig pilare met hulle twintig voetstukke van koper. Die hake en die ringe van die pilare moet van silwer wees.
- 12 In die breedte van die voorhof, aan die westekant, moet daar vyftig el behangsels wees en sy tien pilare en hulle tien voetstukke.
- 13 Die breedte van die voorhof aan die oostekant, waar die son opkom, is vyftig el.
- 14 Vyftien el behangsels vir die een kant, met hulle drie pilare en hulle drie voetstukke
- 15 en vir die ander kant vyftien el behangsels, met hulle drie pilare en hulle drie voetstukke.
- 16 Die ingang van die voorhof moet 'n behangsel van twintig el wees, van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, die produk van kunstige weefwerk; met vier pilare en hulle vier voetstukke.
- 17 Al die pilare rondom die voorhof moet silwer ringe en silwer hake hê en voetstukke van koper.
- 18 Die lengte van die voorhof moet honderd el wees en die breedte vyftig by vyftig en die hoogte vyf el, van wit geweefde linne, saam met voetstukke van koper.
- 19 Al die bybehore van die tabernakel, vir al sy dienste, al sy penne en al die penne van die voorhof, moet van koper wees.
- 20 Jy moet die seuns van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê.
- 21 In die Tent van Ontmoeting, buitekant die verdelingsgordyn wat voor die Getuienis is, moet Aharon en sy seuns dit regmaak om voor die Teenwoordigheid van יהוה te brand, van die aand tot die oggend toe. Dit sal vir die seuns van Yisra'el 'n ewige instelling in hulle geslagte wees.
- 28** 1 Vat nou jou broer Aharon en sy seuns saam met hom, uit die seuns van Yisra'el sodat hy My kan dien as priester: Aharon en die seuns van Aharon: Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.
- 2 Jy moet vir jou broer Aharon afgesonderde klere maak, tot eer en lof en tot versiering.

- 3 Jy moet praat met almal wat vaardig is, wat Ek met die Gees van wysheid volgemaak het sodat hulle Aharon se klere kan maak, om hom af te sonder sodat hy vir My as priester kan dien.
- 4 Hierdie is die klere wat hulle moet maak: 'n borsplaat, 'n skouerstuk, 'n bokleed, 'n uitgewerkte kleed, 'n tulband en 'n gordel. Hulle moet vir Aharon, jou broer en vir sy seuns, afgesonderde klere maak, om My as priesters te dien.
- 5 Hulle moet die goud, die persblou, die pers en bloedrooi materiaal en die wit geweefde linne vat
- 6 en hulle moet die skouerstuk maak van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, die produk van kunstige werk.
- 7 Dit moet twee skouerstukke hê wat aan mekaar vas is; aan die twee bo-ente moet dit aan mekaar vas gesit word.
- 8 Die inmeekaargeweefde band wat daarop is, moet van dieselfde werk wees, van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.
- 9 Jy moet twee oniksstene vat en die name van die seuns van Yisra'el daarop graveer:
- 10 ses van dié name op die een steen en die ses ander name op die ander steen, volgens hulle geboortes.
- 11 Met die werk van 'n graveerder op klippe, graveerwerk soos wat op 'n seëlsteen uitgesny word, moet jy die name van die seuns van Yisra'el op die twee stene graveer. Jy moet hulle in 'n raam van goud set.
- 12 Jy moet die twee stene op die skouers van die skouerstuk vasmaak as herinneringstene vir die seuns van Yisra'el. So sal Aharon hulle name voor die Teenwoordigheid van יהוה op sy twee skouers dra om hulle in herinnering te bring.
- 13 Jy moet ook monteerrame van goud maak
- 14 en twee kettings van suiwer goud, gedraai soos vlegsels en die gevlegte kettings aan die monteerrame vasmaak.
- 15 Jy moet die borsplaat van beslissing maak van kunstige werk; soos die vakmanskap van die skouerstuk moet jy dit maak; van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en van wit geweefde linne moet jy dit maak.
- 16 Dit moet in 'n vierkant gevou word; 'n span sy lengte en 'n span sy breedte.
- 17 Jy moet vier rye stene, in rame gemonteer, insit: die eerste ry moet 'n robyn, 'n topaas en 'n smarag wees.
- 18 Die tweede ry is 'n turkoois, 'n saffier en 'n diamant.
- 19 Die derde ry is 'n hiasint, 'n agaas en 'n ametis.
- 20 Die vierde ry is 'n beril, 'n oniks en 'n jaspis. Hulle moet in goue monteerrame geset word.
- 21 Die stene moet die name van die seuns van Yisra'el hê, twaalf volgens hulle name. Dit moet soos op 'n seëlsteen uitgesny word, elkeen met sy eie naam, volgens die twaalf stamme.
- 22 Jy moet ook kettings vir die borsplaat maak. Maak dit soos gedraaide toue van suiwer goud.
- 23 Jy moet ook twee goue ringe maak vir die borsplaat en maak die twee ringe vas aan die twee bo-ente van die borsplaat

- 24 en maak die twee goue toutjies aan die twee ringe vas, aan die bo-ente van die borsplaat
- 25 en maak die twee ander ente van die twee toutjies vas aan die twee monteerrame en maak dié dan vas aan die skouers van die skouerkleed, aan die voorkant daarvan.
- 26 Jy moet ook twee goue ringe maak en dié aan die twee kante van die borsplaat, aan die einde wat teen die skouerstuk lê, aan die binnekant, vasmaak.
- 27 Jy moet nog twee goue ringe maak en dié aan die twee skouers van die skouerstuk, onderaan, aan die voorkant daarvan, by sy verbinding, bokant die geweeftde band van die skouerstuk, vasmaak.
- 28 Hulle moet die borsplaat, met sy ringe, aan die ringe van die skouerstuk met 'n persblou tou vasbind sodat dit bokant die geweeftde band van die skouerstuk is en die borsplaat nie loskom van die skouerstuk af nie.
- 29 Aharon moet die name van die seuns van Yisra'el, in die borsplaat van beslissing, op sy hart dra as hy in die Afgesonderde deel ingaan, as 'n voortdurende herinnering voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 30 Jy moet ook die Urim en die Tumim in die borsplaat van beslissing sit sodat hulle op die hart van Aharon kan wees as hy voor die Teenwoordigheid van יהוה ingaan. Aharon moet die regsbeslissing van die seuns van Yisra'el voortdurend op sy hart dra voor die Teenwoordigheid van יהוה. ^{Efe 6:14b}
- 31 Jy moet die bokleed van die skouerstuk heeltemal van persblou materiaal maak.
- 32 Daar moet 'n opening vir sy kop in die middel wees. Rondom die opening moet 'n soom uitgewerk wees, soos die opening van 'n borsplaat sodat dit nie geskeur kan word nie.
- 33 Aan die soom, onderaan, moet jy granate van persblou, pers en bloedrooi stof, reg rondom die soom maak en tussen-in goue klokkies reg rondom:
- 34 'n goue klokkie en 'n granaat, 'n goue klokkie en 'n granaat, aan die soom van die bokleed, reg rondom.
- 35 Aharon moet dit aanhê wanneer hy bedien sodat die geluid daarvan gehoor word as hy in die Afgesonderde plek, voor die Teenwoordigheid van יהוה, ingaan en as hy uitgaan sodat hy nie sterf nie.
- 36 Jy moet ook 'n plaat van suiwer goud maak en daarop graveer, soos die gravering op 'n seëlsteen: AFGESONDER TOT יהוה.
- 37 Jy moet dit vasmaak aan 'n persblou tou sodat dit aan die tulband vas kan wees; dit moet aan die voorkant van die tulband wees.
- 38 So moet dit dan op die voorkop van Aharon wees sodat Aharon die straf vir die oortredinge kan dra met betrekking tot die afgesonderde dinge wat die seuns van Yisra'el sal afsonder deur al hulle afgesonderde gewes. Dit moet voortdurend op sy voorkop wees sodat hulle voor יהוה aanvaar mag word.
- 39 Jy moet die kleed van wit geweeftde linne kunstig uitwerk. Jy moet ook die tulband van wit geweeftde linne maak en die gordel moet jy veelkleurig uitwerk.
- 40 Vir die seuns van Aharon moet jy klede en gordels maak. Jy moet ook vir hulle tulbande maak, tot eer, lof en tot versiering.
- 41 So moet jy jou broer Aharon en sy seuns saam met hom aantrek. Jy moet hulle salf, hulle aanstel en hulle afsonder sodat hulle My as priesters kan dien.

42 Jy moet ook vir hulle linne broeke maak om hulle kaal vlees toe te maak. Dit moet van die heupe tot by die dye wees.

43 Aharon en sy seuns moet dit aanhê as hulle in die Tent van Ontmoeting ingaan, of as hulle naby die altaar kom, om in die Afgesonderde plek te bedien sodat hulle geen skuld dra en sterf nie. Dit is 'n ewige voorskrif vir hom en vir sy nageslag ná hom.

29 ^{Lev 8} 1 Dit is wat jy met hulle moet doen om hulle af te sonder sodat hulle My kan dien as priesters: vat een jong bul en twee ramme wat sonder gebrek is,

2 ongesuurde brood, ongesuurde koeke met olie gemeng en ongesuurde platkoeke met olie gesmeer. Jy moet dit van fyn koringmeel maak.

3 Sit dit in een mandjie en bring dit in die mandjie saam met die bul en die twee ramme.

4 Aharon en sy seuns moet jy na die ingang van die Tent van Ontmoeting bring en hulle met water was.

5 Vat die klere en trek Aharon aan met die kleed, die bokleed van die skouerstuk, die skouerstuk en die borsplaat en bind om hom die geweeftde band van die skouerstuk,

6 sit die tulband op sy kop en maak die afgesonderde kroon aan die tulband vas.

7 Vat die salfolie, gooi dit op sy kop en salf hom.

8 Jy moet ook sy seuns bring en vir hulle die klede aantrek

9 en Aharon en sy seuns omgord met die gordels en vir hulle tulbande ombind. Die priesteramp sal hulle s'n wees as 'n ewige instelling. So moet jy die hande van Aharon en sy seuns bevestig.

10 Jy moet die bul bring tot voor die Tent van Ontmoeting en Aharon en sy seuns moet hulle hande op die kop van die bul lê.

11 Jy moet die bul voor יִהְיֶה slag by die ingang van die Tent van Ontmoeting.

12 Jy moet van die bloed van die bul vat en dit met jou vinger aan die horings van die altaar smeer en al die bloed aan die onderkant van die altaar uitgooi.

13 Jy moet al die vet vat wat oor die binnegoed is, die vetlob aan die lewer, die twee niere en die vet wat daaraan is en dit op die altaar brand en in rook laat opgaan,

14 maar jy moet die vleis van die bul, sy vel en sy mis buitekant die kamp met vuur verbrand. Dit is 'n sondoffer.

15 Jy moet een ram vat en Aharon en sy seuns moet hulle hande op die ram se kop lê;

16 dan moet jy die ram slag en sy bloed vat en dit rondom die altaar sprinkel.

17 Jy moet die ram in stukke sny, sy binnegoed en pote was en dit by die stukke en die kop sit.

18 Jy moet die hele ram op die altaar brand en in rook laat opgaan. Dit is 'n brandoffer tot יִהְיֶה; 'n aangename geur, 'n offer deur vuur aan יִהְיֶה. ^{Rom 12:1}

19 Jy moet ook die ander ram vat en Aharon en sy seuns moet hulle hande op die ram se kop lê;

- 20 jy moet die ram slag en van sy bloed vat en dit aan die regteroorbel van Aharon en aan die regteroorbel van sy seuns smeer, asook aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet en sprinkel die bloed rondom die altaar.
- 21 Jy moet van die bloed wat aan die altaar is en van die salfolie vat en dit op Aharon en op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns, sprinkel, saam met hom sodat hy en sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns, saam met hom, afgesonderd kan wees.
- 22 Vat ook die vet: die vetstert, die vet wat oor die binnegoed is, die vetlob aan die lewer, die twee niere met die vet wat daaraan is, die regterboud van die ram, want dit is 'n inwydingsram,
- 23 met een brood, een oliebroodkoek en een platkoek uit die mandjie met ongesuurde brode wat voor יִהוּדָה is
- 24 en lê dit alles in die hande van Aharon en in die hande van sy seuns en waai dit as 'n waaioffer voor die Teenwoordigheid van יִהוּדָה.
- 25 Vat dit uit hulle hande uit en steek dit op die altaar aan die brand, as 'n brandoffer, as 'n aangename geur voor die Teenwoordigheid van יִהוּדָה. Dit is 'n offer met vuur tot יִהוּדָה.
- 26 Jy moet die bors van die inwydingsram van Aharon vat en dit waai as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יִהוּדָה; dit sal jou deel wees.
- 27 Jy moet van die inwydingsram, die bors van die waaioffer wat gewaai is en die boud van die opligoffer wat opgelig is, afsonder; dit wat vir Aharon is en dit wat vir sy seuns is.
- 28 Dit sal vir Aharon en sy seuns hulle porsie wees as 'n ewige instelling van die kant van die kinders van Yisra'el af, want dit is 'n opligoffer en dit sal 'n opligoffer wees van die kant van die kinders van Yisra'el, vanuit hulle vredesoffers; hulle opligoffer aan יִהוּדָה.
- 29 Die afgesonderde klere van Aharon sal sy seuns s'n wees na hom, om hulle daarin te salf en hulle hande daarin te bevestig (aan te stel).
- 30 Die seun wat in sy plek priester word, wat in die Tent van Ontmoeting sal ingaan om in die Afgesonderde plek te bedien, moet dit sewe dae lank aantrek.
- 31 Jy moet die inwydingsram vat en sy vleis in die Afgesonderde plek kook
- 32 en Aharon en sy seuns moet die ram se vleis en die brood wat in die mandjie is, by die ingang van die Tent van Ontmoeting eet.
- 33 Hulle moet dié dinge eet waarmee versoening bewerk is toe hulle hande bevestig is en hulle afgesonderd is, maar niemand anders mag daarvan eet nie, want dit is afgesonderd.
- 34 As daar van die vleis van die inwydingsoffer of van die brood tot die oggend toe oorbly, moet jy dit wat oor is, met vuur verbrand; dit mag nie geëet word nie, want dit is afgesonderd.
- 35 So moet jy met Aharon en sy seuns doen, net soos Ek jou beveel het. Sewe dae lank moet hulle hande bevestig word.
- 36 Jy moet daaglik 'n bul as sondoffer offer tot versoening. Jy sal die altaar reinig wanneer jy daarvoor versoening doen en jy moet dit salf om dit af te sonder.

- 37 Sewe dae lank moet jy versoening doen vir die altaar en dit afsonder. Die altaar sal heeltemal afgesonder wees en alles wat aan die altaar raak, is afgesonder.
- 38 Dit is wat jy, dag vir dag, sonder ophou, op die altaar moet offer: twee jaaroud lammers.
- 39 Die een lam moet jy in die oggend offer en die ander lam moet jy in die aand offer.
- 40 Saam met die een lam moet daar 'n tiende van 'n efa meel, gemeng met 'n kwart hin uitgestampte olie en 'n kwart hin wyn as 'n drankoffer wees.
- 41 Die ander lam moet jy in die aand offer en saam met dit die graanoffer en die drankoffer soos in die oggend, tot 'n aangename geur, 'n offer met vuur tot יהוה.
- 42 Hierdie moet 'n voortdurende brandoffer wees vir julle geslagte, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, voor die Teenwoordigheid van יהוה, waar Ek jou sal ontmoet om met jou te praat.
- 43 Daar sal Ek met die kinders van Yisra'el ontmoet en die tent sal deur My Gemanifesteerde Teenwoordigheid afgesonder word.
- 44 So sal Ek dan die Tent van Ontmoeting en die altaar afsonder. Ek sal Aharon en sy seuns ook afsonder om vir My as priesters te dien.
- 45 Ek sal tussen die seuns van Yisra'el bly en hulle God wees ^{Yes 8:8,10}
- 46 en hulle sal weet dat Ek, יהוה, hulle God, is, wat hulle uit Mitzrayim uitgelei het om tussen hulle te bly. Ek is יהוה, hulle God. ^{Yes 8:8,10}
- 30** 1 Jy moet 'n altaar maak om reukwerk op te brand. Jy moet dit van akasihout maak.
- 2 Sy lengte moet 'n el wees en sy breedte 'n el; dit moet vierkantig wees. Sy hoogte is twee el. Sy horings moet uit dieselfde stuk wees.
- 3 Jy moet die bokant, die sykante rondom en die horings met suiwer goud oortrek. Maak ook daarvoor 'n goue rand rondom.
- 4 Jy moet ook twee goue ringe daarvoor maak onderkant die rand, aan weerskante, aan die twee sykante. Hulle moet dien as houers vir pale om dit mee te dra.
- 5 Maak die pale van akasihout en trek dit met goud oor.
- 6 Sit dit dan voor die verdelingsgordyn wat voor die Ark van die Getuienis is, voor die Toedekking wat oor die Getuienis is, waar Ek met jou sal ontmoet.
- 7 Aharon moet elke oggend reukwerk van speserye daarop brand; wanneer hy die lampe doof, moet hy dit aan die brand steek
- 8 en wanneer Aharon teen sonsondergang die lampe opsteek, moet hy dit brand as 'n voortdurende reukwerk voor die Teenwoordigheid van יהוה; reg deur julle geslagte.
- 9 Julle mag geen vreemde reukwerk of brandoffer of graanoffer daarop bring nie. Julle mag ook geen drankoffer daarop uitgooi nie.
- 10 Aharon moet, een maal per jaar, versoening op die horings doen; met die bloed van die sondoffer van versoening moet hy een maal per jaar daarvoor versoening doen reg deur julle geslagte. Dit is heeltemal afgesonder tot יהוה."
- 11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 12 “As jy die volle getal van die seuns van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie.
- 13 Dit is wat elke man van hulle moet gee wat na die geteldes oorgaan: ’n halfsikkel volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; die sikkel is twintig gera. Die halfsikkel is ’n bydrae aan יהוה.
- 14 Elkeen van twintig jaar en ouer, wat oorgaan na die geteldes, moet die bydrae aan יהוה gee.
- 15 Die ryke moenie meer en die arme moenie minder as ’n halfsikkel gee, wanneer hulle die bydrae, om vir julle siele versoening te doen, aan יהוה gee, nie.
- 16 Vat die versoeningsgeld van die seuns van Yisra’el en gee dit vir die dienswerk van die Tent van Ontmoeting sodat dit ’n herinnering voor die Teenwoordigheid van יהוה kan wees vir die seuns van Yisra’el, tot versoening vir julle lewens.”
- 17 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 18 “Jy moet ook ’n kom van koper, met sy voetstuk van koper, maak om mee te was. Jy moet dit tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar sit en water daarin gooi sodat Aharon en sy seuns hulle hande en hulle voete daaruit kan was.
- 20 Wanneer hulle ingaan in die Tent van Ontmoeting, of as hulle naby die altaar kom, om te bedien, om ’n offer te brand en in rook te laat opgaan tot יהוה, moet hulle met water was sodat hulle nie sterf nie.
- 21 So moet hulle hul hande en voete was sodat hulle nie sterf nie en dit sal vir hulle ’n ewige instelling wees, vir hom en vir sy nageslag in hulle geslagte.” ^{Yeg 13:10}
- 22 יהוה het verder met Mosheh gepraat en gesê:
- 23 “Vat vir jouself van die beste speserye: vyf honderd sikkels vloeibare mirre en die helfte soveel, twee honderd en vyftig sikkels, soet geurige kaneel en twee honderd en vyftig sikkels soet geurige kalmoes
- 24 en vyf honderd sikkels kassie, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek en ’n hin olyfolie
- 25 en maak daarvan afgesonderde salfolie, ’n salfmengsel soos ’n salfmenger dit maak; dit sal ’n afgesonderde salfolie wees.
- 26 Daarmee moet jy die Tent van Ontmoeting self, die Ark van die Getuienis, 27 die tafel met al sy bybehore, die kandelaar met sy bybehore, die reukaltaar, 28 die brandofferaltaar met al sy bybehore en die kom met sy voetstuk.
- 29 Jy moet hulle afsonder sodat hulle heeltemal afgesonderd kan wees. Wat ook al aan hulle raak, is afgesonder. ^{Yeg 44:19}
- 30 Jy moet Aharon en sy seuns ook self en hulle afsonder om My as priesters te dien.
- 31 Jy moet met die seuns van Yisra’el praat en sê: ‘Hierdie moet vir My ’n afgesonderde salfolie wees reg deur julle geslagte.
- 32 Dit mag nie op ’n mens se vlees uitgegooi word nie; julle mag ook nie volgens dieselfde voorskrif nog maak nie. Dit is afgesonder en dit moet vir julle afgesonder wees.
- 33 Wie ook al so iets meng of enige daarvan aan ’n onbevoegde laat kom, moet uit sy volksgenote afgesny word.”

- 34 יהוה het ook vir Mosheh gesê: “Vat speserye: storaksgom, naeltjies en galbanum en ook suiwer wierook saam met die speserye; alles in gelyke hoeveelhede
 35 en maak daar reukwerk van, ’n mengsel soos die salfmenger dit maak, met sout gemeng, suiwer en afgesonder.
 36 Vryf ’n gedeelte daarvan heeltemal fyn en sit ’n deel daarvan neer voor die Getuienis in die Tent van Ontmoeting, waar Ek met jou sal ontmoet. Dit sal heeltemal afgesonderd wees vir julle.
 37 Julle mag nie vir julleself van die reukwerk wat jy maak, na dieselfde voorskrif, maak nie. Dit moet vir julle afgesonderd wees tot יהוה.
 38 Wie ook al enige van dieselfde maak om as parfuim te gebruik, moet uit sy volksgenote afgesny word.”

31 יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 “Ky, Ek het B’tzal’el, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Y’hudah, by sy naam geroep
 3 en Ek het hom vervul met die Gees van God, in wysheid, begrip, kennis en bekwaamheid vir allerhande werk:
 4 om ontwerpe uit te dink, te werk in goud, silwer en koper
 5 en met snywerk in stene wat afgerond moet word, met houtsneewerk en om allerhande werk te kan doen.
 6 Let op, Ek het self vir Oholi’av saam met hom aangestel, die seun van Agisamakh, van die stam van Dan. Ek het ook wysheid in die hart van elkeen wat vaardig is, gegee sodat hulle alles wat ek jou beveel het, kan maak:
 7 die Tent van Ontmoeting, die ark van die Getuienis, die Toedekking wat daarop moet wees, al die bybehore by die tent,
 8 die tafel met sy bybehore, die suiwer goud lampstaander met al sy bybehore en die reukaltaar;
 9 ook die brandofferaltaar met al sy bybehore, die kom met sy voetstuk,
 10 die kunstige klere, die afgesonderde klere van Aharon, die priester en die klere van sy seuns, om te dien as priesters;
 11 ook die salfolie en die reukwerk van speserye vir die Afgesonderde plek; net soos Ek jou beveel het, moet hulle dit maak.”
 12 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
 13 “Jy egter, moet met die seuns van Yisra’el praat en sê: ‘Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is ’n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder.
 14 Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet sekerlik sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote. Eks 20:8-11; Lev 23:3; 24:8; Yes 58:13; Mat 12:8
 15 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar ’n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יהוה. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet sekerlik sterf;
 16 daarom moet die seuns van Yisra’el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as ’n ewige verbond.

- 17 Dit is 'n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra'el, want in ses dae het יְהוָה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.”
- 18 Toe Hy klaar met hom gepraat het op die berg Sinai, het Hy vir Mosheh die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, geskrywe met die vinger van God.
- 32** 1 Toe die volk sien dat Mosheh lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Mosheh, die man wat ons uit die land van Mitzrayim uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.” ^{Hand 7:40}
- 2 Aharon sê vir hulle: “Haal die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.”
- 3 Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aharon gebring.
- 4 Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met 'n beitel bewerk totdat hy daarvan 'n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: “Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.”
- 5 Toe Aharon dit sien, het hy 'n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: “Môre is 'n fees tot eer van יְהוָה.”
- 6 Hulle het die volgende dag vroeg opgestaan, brandoffers geoffer en vredesoffers gebring en die volk het gaan sit om te eet en te drink en hulle het opgestaan om te speel. ^{1 Kor 10:7}
- 7 יְהוָה sê vir Mosheh: “Gaan! Gaan af, want jou volk wat jy uit die land van Mitzrayim uitgebring het, het hulleself korrup gemaak.
- 8 Hulle het gou van die pad af weggedraai wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: ‘Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.’”
- 9 יְהוָה het vir Mosheh gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is 'n hardnekkige volk. ^{Hand 7:51}
- 10 Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou 'n groot nasie maak.”
- 11 Mosheh het voor יְהוָה, sy God, gesmeek en gesê: “Waarom, יְהוָה, brand U woede teen U volk wat U met groot krag en met 'n sterk hand uit die land van Mitzrayim uitgelei het?
- 12 Hoekom sou die Mitzrayimiete praat en sê: ‘Hy het hulle uitgelei om hulle kwaad aan te doen, in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af te vernietig?’ Draai weg van U brandende wraak en verander U gedagtes om skade te doen aan U volk.
- 13 Onthou vir Avraham, Yitz'gak en Yisra'el, U diensknegte, vir wie U by Usself gesweer en aan wie U gesê het: ‘Ek sal julle nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en hierdie hele land waarvan Ek gepraat het, sal Ek aan julle nageslag gee sodat hulle dit vir ewig kan besit.’”
- 14 יְהוָה het Sy gedagtes verander oor die skade wat Hy gesê het Hy Sy volk sou aandoen.

- 15 Mosheh het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die Getuienis in sy hand. Die tafels was op altwee kante geskryf; hulle was op die een en op die ander kant geskryf.
- 16 Die tafels was die werk van God en die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer.
- 17 Toe Y'hoshua die stem van die volk hoor, hoe hulle juig, sê hy vir Mosheh: "Daar is die geluid van oorlog in die kamp."
- 18 Hy antwoord: "Dit is nie die klank van die gejuig van oorwinning nie en ook nie die geskree van neerlaag nie: ek hoor die klank van singery."
- 19 Dit het gebeur dat toe hy naby die kamp kom en die kalf en dansery sien, die woede van Mosheh ontvlam het en hy die tafels uit sy hande gegooi en hulle onder die berg gebreek het.
- 20 Hy het die kalf gevat wat hulle gemaak het, dit met vuur verbrand, dit fyn gemaal, dit op die water gestrooi en die seuns van Yisra'el dit maak drink.
- 21 Mosheh het vir Aharon gesê: "Wat het hierdie volk aan jou gedoen dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?"
- 22 Aharon antwoord: "Laat die woede van my meester nie ontvlam nie. U ken self die volk dat hulle gerig is tot boosheid,
- 23 want hulle het vir my gesê: 'Maak vir ons gode wat voor ons uittrek, want hierdie Mosheh, die man wat ons uit die land van Mitzrayim laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie.'
- 24 Ek het vir hulle gesê: 'Wie goud het, laat dié dit aan my oorhandig!' Hulle het dit vir my gegee en ek het dit in die vuur gegooi en hierdie kalf het daaruit gekom.'"
- 25 Toe Mosheh sien dat die volk sonder beheer was, want Aharon het hulle losgelaat; tot die spottende gefluister onder hulle teëstanders;
- 26 het Mosheh in die poort van die kamp gaan staan en gesê: "Wie vîr יהוה is, kom na my toe!" Al die seuns van Levi het by hom bymekaargekom.
- 27 Hy het vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Laat elkeen sy swaard aan sy sy sit. Gaan heen en weer van poort tot poort in die kamp en laat elkeen sy broer, sy vriend en sy naaste doodmaak.'"
- 28 Die seuns van Levi het gedoen volgens die woord van Mosheh en daar het op dié dag omtrent drie duisend man van die volk geval.
- 29 Mosheh het gesê: "Maak vandag julle hande vol tot יהוה sodat Hy vandag 'n seën oor julle kan gee, want elkeen is teen sy seun en teen sy broer."
- 30 Dit het gebeur op die volgende dag dat Mosheh vir die volk sê: "Julle het 'n groot sonde gedoen en nou sal ek opgaan na יהוה: miskien kan ek toedekking vir julle sonde doen."
- 31 Mosheh het na יהוה teruggegaan en gesê: "O, hierdie volk het 'n groot sonde gedoen en vir hulle 'n goue god gemaak.
- 32 Tog, nou, as U wil, verwyder hulle sonde en indien nie, bid ek, vee my uit, uit U boek wat U geskryf het!"
- 33 יהוה het Mosheh geantwoord: "Wie ook al teen My gesondig het, dié sal Ek uitvee uit My boek; Deut 24:16; Yeg 18:4,20; Open 20:12-15

34 daarom, gaan nou en lei die volk na die plek wat Ek vir jou gesê het. Let op, My boodskapper sal voor jou uitgaan, maar nogtans, die dag as Ek besoek, sal Ek hulle straf vir hulle sonde.”

35 יהוה het die volk getref omdat hulle die kalf, wat Aharon gemaak het, aanbid het.

33 1 יהוה het vir Mosheh gesê: “Gaan hiervandaan op, jy en die volk wat jy vanuit die land van Mitzrayim op gebring het, na die land wat Ek met ’n eed aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov beloof en gesê het: ‘Aan jou nageslag sal Ek dit gee.’

2 Ek sal ’n boodskapper voor jou uit stuur en die Kena’aniete, Emoriete, Hittiete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete verdryf.

3 Gaan op na ’n land wat vloei met melk en heuning, want Ek sal nie tussen julle optrek nie sodat Ek julle nie dalk op die pad verteer omdat julle ’n hardnekkige volk is nie.” ^{Hand 7:51}

4 Toe die volk hierdie hartseer woord hoor, het hulle getreur en niemand het sy versierings aangesit nie,

5 want יהוה het vir Mosheh gesê: “Sê vir die seuns van Yisra’el: ‘Julle is ’n hardnekkige volk; as Ek vir een oomblik tussen julle sou inkom, sou ek julle vernietig. Haal daarom nou julle versierings af, dan sal Ek weet wat Ek met julle moet doen.’”

6 So het die seuns van Yisra’el hulleself gestroop van hulle versierings vanaf die berg Horev en verder.

7 Mosheh het ’n tent gevat en dit vir hom buitekant die kamp opgeslaan, ver van die kamp af en dit die Tent van Ontmoeting genoem. Dit het so gebeur dat elkeen wat יהוה wou raadpleeg, na die Tent van Ontmoeting, wat buite die kamp was, uitgegaan het.

8 Wanneer Mosheh uitgaan na die tent toe, staan die hele volk op en gaan elkeen by die ingang van sy tent staan en hou Mosheh dop totdat hy in die tent ingegaan het.

9 Dit het gebeur dat wanneer Mosheh in die tent ingaan, die wolkkolom afkom en by die ingang van die tent gaan staan en יהוה het met Mosheh gepraat.

10 Al die mense het die wolkkolom gesien staan by die ingang van die tent en almal het opgestaan en op die grond gaan lê, elkeen by die ingang van sy tent.

11 So het יהוה met Mosheh van aangesig tot aangesig gepraat, soos ’n man met sy vriend praat. ^{Num 12:8} Wanneer hy na die kamp toe teruggegaan het, het sy dienskneg, die jongman Y’hoshua, die seun van Nun, nie van die tent af weggegaan nie.

12 Mosheh het vir יהוה gesê: “Dink daaraan hoe U vir my gesê het: ‘Bring hierdie volk op,’ maar U laat my nie weet wie U saam met my sal stuur nie. Tog het U gesê: ‘Ek ken jou by die naam (karakter en outoriteit) en jy het ook guns in My oë gevind.’

13 Ek vra daarom nou: as ek guns in U oë gevind het, wys my nou U paaie sodat ek ’n verbondsverhouding met U kan hê en guns vind in U oë en dink ook daaraan dat hierdie nasie U volk is.”

14 Hy antwoord: “My Teenwoordigheid sal saam met jou gaan en Ek sal vir jou rus gee.”

15 Hy sê vir Hom: “As U Teenwoordigheid nie saam met ons gaan nie, moet ons nie hiervandaan laat opgaan nie,

- 16 want waaraan sou dit bekend wees dat ek en U volk guns in U oë gevind het, as dit nie is deurdat U saam met ons gaan nie? So sal ons, ek en U volk, onderskeibaar wees van al die ander volke wat op die aarde is.”
- 17 יהוה sê vir Mosheh: “Ek sal ook dit doen wat jy gesê het, want jy het guns gevind in My oë en Ek ken jou by die naam (karakter en outoriteit).”
- 18 Hy vra: “Laat my asseblief U grootsheid en glorie sien.”
- 19 Hy antwoord: “Ek sal al My goedheid by jou laat verbygaan en voor jou die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה verklaar. Ek sal guns bewys aan wie Ek guns wil bewys en liefdevolle omgee oor wie Ek My ontferm.” ^{Rom 9:15}
- 20 Tog het Hy gesê: “Jy kan My gesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.”
- 21 יהוה het gesê: “Let op, hier is ’n plek by My waar jy op die rots moet staan
- 22 en terwyl My grootsheid en glorie verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots sit en jou met My hand toedek totdat Ek verbygegaan het.
- 23 Dan sal Ek My hand wegvat en jy sal My van agter sien, maar My gesig kan nie gesien word nie.”
- 34** יהוה het vir Mosheh gesê: “Beitel vir jou twee kliptafels uit soos die eerstes en Ek sal op hierdie tafels die woorde skryf wat op die eerste tafels was, wat jy gebreek het.
- 2 Wees gereed teen die oggend en klim in die oggend op na die berg Sinai en meld jou by My aan op die top van die berg.
- 3 Niemand mag saam met jou opklim nie en laat daar ook niemand op die hele berg gesien word nie; laat ook geen kleinvee of beeste teen hierdie berg wei nie.”
- 4 Hy het twee kliptafels gebeitel soos die eerstes en Mosheh het die oggend vroeg opgestaan en opgegaan met die berg Sinai, soos יהוה hom beveel het en die twee kliptafels in sy hand gevat.
- 5 יהוה het afgekom in die wolk en daar by hom gestaan terwyl hy die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aanroep.
- 6 יהוה het by hom verbygegaan en verklaar: “יהוה, יהוה, Magtige God; vol omgee en goedgunstig, ^{Ya'a 5:11} stadig om kwaad te word, oorvloedig in vriendelike goedheid en waarheid; ^{Yo' 2:13; Yon 4:2; Nag 1:3; Ps 145:8; Neg 9:17}
- 7 wat onverdiende guns hou vir duisende, wat boosheid, oortreding en sonde vergewe, maar nooit die skuldige onskuldig verklaar nie; ^{1 Kor 3:12-15; Kol 3:25} wat die wetsoortreding van die vaders, die seuns en die kleinseuns laat beïnvloed, tot aan die derde en die vierde geslag.” ^{Eks 20:5; Yeg 18:20-26}
- 8 Mosheh het hom gou laag na die aarde toe neergebuig en aanbid
- 9 en gesê: “יהוה, as ek nou guns in U oë gevind het, laat יהוה asseblief tussen ons trek, al is dit ’n hardnekkige volk, maar vergewe ons oortreding van die wet en ons sonde en vat ons as U eie besitting.”
- 10 Toe sê God: “Let op, Ek sluit ’n verbond. Voor jou hele volk sal Ek uitsonderlike wonderwerke doen soos daar op die hele aarde en onder al die nasies nie gedoen is nie sodat al die mense tussen wie jy is, die werk van יהוה kan sien, want dit is ’n verskriklike ding wat Ek met jou sal doen.

- 11 Wees seker om te gehoorsaam wat Ek jou op dié dag beveel. Let op, Ek gaan die Emoriete, Kena'aniete, Hittiete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete voor jou uit verdryf.
- 12 Pas jouself op dat jy geen verbond sluit met die inwoners van die land waarheen jy gaan nie sodat dit nie miskien 'n strik tussen julle word nie, ^{Y'ho 9:3-27}
- 13 maar jy moet hulle altare vernietig, hulle afgesonderde pilare afbreek en hulle pale afkap,
- 14 want jy mag jou nie neerbuig voor enige ander god nie, want יהוה se Karakter en Outoriteit is jaloers; 'n jaloerse Magtige God is Hy,
- 15 anders sal julle 'n verbond sluit met die inwoners van die land en agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer en iemand sal jou uitnooi en jy sal van sy offers eet
- 16 en jy sal van sy dogters vat vir jou seuns en sy dogters sal agter hulle gode aan hoereer en jou seuns agter hulle gode aan laat hoereer.
- 17 Jy mag vir jou geen gegote gode maak nie. ^{Eks 20:4}
- 18 Jy moet die Fees van Ongesuurde Brode hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die vasgestelde tyd in die maand Aviv, want in die maand Aviv het jy uit Mitzrayim uitgekom. ^{Lev 23:6}
- 19 Alles wat die baarmoeder oopmaak, is Myne en elke eersteling van jou vee wat manlik is, van beeste en kleinvee,
- 20 maar die eersteling van 'n donkie moet jy met 'n lam loskoop en as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Al jou eersgebore seuns moet jy loskoop en niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.
- 21 Ses dae moet jy werk, maar op die sewende dag moet jy rus; selfs in die ploegtyd en in die oestyd, moet jy rus. ^{Eks 20:4; Lev 23:3}
- 22 Jy moet die Fees van Weke hou, ^{Lev 23:15-21; Hand 2:1} die fees van die eersteling van die graan-oes en die Fees van Insameling, by die wisseling van die jaar.
- 23 Al jou mans moet drie maal per jaar voor die Teenwoordigheid van die Meester יהוה, God van Yisra'el, verskyn,
- 24 want Ek sal nasies voor jou uitdryf en jou grondgebied vergroot en niemand sal jou land begeer terwyl jy opgaan om te verskyn voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, drie maal gedurende die jaar, nie.
- 25 Jy mag nie die bloed van My offer saam met gesuurde brood bring nie en die offer van die Pesag mag nie tot die oggend toe oorbly nie.
- 26 Die eerstes van die eerstelinge van jou grond moet jy in die huis van יהוה, jou God, bring. Jy mag nie 'n jong bokkie kook in sy moeder se melk nie."
- 27 יהוה het ook vir Mosheh gesê: "Skryf hierdie woorde neer, want volgens hierdie woorde het Ek 'n verbond gesluit met jou en met Yisra'el."
- 28 Hy was daar by יהוה veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie en Hy het die woorde van die verbond op die tafels geskryf: tien van die woorde.
- 29 Dit het gebeur toe Mosheh van die berg Sinai afkom (die twee tafels van die Getuienis was in die hand van Mosheh toe hy van die berg afgekom het) dat Mosheh nie geweet het dat die vel van sy gesig geskyn het omdat Hy met hom gepraat het nie.

- 30 Toe Aharon en al die seuns van Yisra'el Mosheh sien, het die vel van sy gesig geskyn en hulle was bang om naby hom te kom.
- 31 Mosheh het hulle geroep en Aharon en al die leiers van die vergadering het na hom toe teruggekom en Mosheh het met hulle gepraat.
- 32 Na dit het al die seuns van Yisra'el nader gekom en hy het hulle alles beveel wat יְהוָה met hom gepraat het op die berg Sinai.
- 33 Toe Mosheh klaar met hulle gepraat het, het hy 'n sluier oor sy gesig gesit,
- 34 maar wanneer Mosheh voor יְהוָה ingegaan het om met Hom te praat, het hy die sluier afgehaal totdat hy uitgaan. Hy het uitgegaan en vir die seuns van Yisra'el alles gesê wat hom beveel is.
- 35 Wanneer die seuns van Yisra'el na die gesig van Mosheh kyk en sien dat die vel van Mosheh se gesig skyn, dan trek Mosheh weer die sluier oor sy gesig totdat hy ingaan om met Hom te praat.
- 35** 1 Mosheh het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: "Hierdie is die dinge wat יְהוָה julle beveel het om te doen:
- 2 werk moet vir ses dae gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle afgesonderd wees, 'n Shabbat van volkome rus tot יְהוָה. Wie ook al enige werk daarop doen, moet doodgemaak word.
- 3 Julle mag geen vuur aansteek op die Shabbat ^{Eks 16:23} in enige een van julle blyplekke nie." ^{Eks 12:16}
- 4 Mosheh het met die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gepraat en gesê: "Dit is wat יְהוָה beveel en gesê het:
- 5 Vat vanuit julle 'n bydrae aan יְהוָה. Laat elkeen met 'n gewillige verstand, wil en emosie dit bring as 'n bydrae aan יְהוָה: goud, silwer en koper;
- 6 persblou, pers en bloedrooi materiaal, wit geweeftde linne en bokhaar;
- 7 rooigekeurde ramsvelle, dugongvelle en akasiahout;
- 8 olie vir die lampstaander, speserye vir die salfolie en vir die reukwerk van speserye;
- 9 oniksstene en stene om in te lê in die skouerstuk en die borsplaat.
- 10 Almal onder julle wat kunstig is, moet kom en alles maak wat יְהוָה beveel het:
- 11 die tabernakel, sy tent, sy bedekking, sy hakies, sy borde, sy pale, sy pilare en sy voetstukke;
- 12 die ark en sy pale, die toedekking en die verdelingsgordyn van die toedekking;
- 13 die tafel met sy pale en al sy bybehore en die brode van die Teenwoordigheid;
- 14 asook die lampstaander vir beligting, met sy bybehore, sy lampe en die olie vir die lig;
- 15 die reukaltaar met sy pale, die salfolie en die reukwerk van speserye en die gordyn vir die ingang van die tabernakel;
- 16 die brandofferaltaar met sy raamwerk van koper, sy pale en al sy bybehore; die kom met sy voetstuk;
- 17 die behangsels van die voorhof, sy pilare, sy voetstukke en die gordyn van die poort van die voorhof;
- 18 die penne van die tabernakel, die penne van die voorhof met hulle toue;

- 19 die kunstig geweeftde klere om in die Afgesonderde plek te bedien, die afgesonderde klere vir Aharon, die priester en die klere van sy seuns om as priesters te dien.”
- 20 Die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het van Moshè se teenwoordigheid af weggegaan.
- 21 Elkeen wie se wil, emosie en verstand hom opgewek het en wie se gees hom beweeg het, het gekom en die bydrae aan יְהוָה gebring vir die werk aan die Tent van Ontmoeting, vir al sy bedieninge en vir die afgesonderde klere.
- 22 Hulle het gekom, beide manne en vroue, elkeen met 'n gewillige emosie, wil en verstand; hulle het armbande, neusringe, ringe, versierings en allerhande goue goed gebring, elkeen wat 'n offer van goud aan יְהוָה gebring het.
- 23 Elkeen wat in besit was van persblou, pers en bloedrooi materiale, wit geweeftde linne, bokhaar, rooigekleurde ramsvelle en dugongvelle, het dit gebring.
- 24 Elkeen wat 'n bydrae van silwer of koper kon bring, het die bydrae vir יְהוָה gebring en elkeen wat akasiahout gehad het vir enige van die werk, het dit gebring.
- 25 Elke vrou wat kunstig was, het met haar eie hande gespin en dit wat sy gespin het, gebring: die persblou, pers en bloedrooi materiale en die fyn wit geweeftde linne.
- 26 Al die vroue wie se wil en denke hulle opgewek het deur kunstigheid, het die bokhaar gespin.
- 27 Die leiers het die oniksstene en die stene om in te lê, vir die skouerstuk en die borsplaat gebring.
- 28 die speserye en die olie vir die lampstaander en vir die salfolie en vir die reukwerk van speserye.
- 29 Die seuns van Yisra'el het 'n vrywillige offergawe aan יְהוָה gebring, elke man en vrou wie se wil, emosie en verstand gewillig was om te bring vir al die werk wat יְהוָה deur die hand van Moshè beveel het om gedoen te word.
- 30 Moshè het vir die seuns van Yisra'el gesê: “Let op, יְהוָה het B'tzal'el, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Y'hudah, by sy naam geroep
- 31 en Hy het hom met die Gees van God gevul, met wysheid, met begrip, met kennis en met bekwaamheid vir allerhande werk,
- 32 om ontwerpe uit te dink, om te werk in goud, silwer en koper,
- 33 in snywerk, in stene wat ingelê moet word, in houtsneewerk en om te werk in allerhande ontwerpwerk.
- 34 Hy het dit ook in sy wil en verstand gegee om ander te leer, aan hom en aan Oholi'av, die seun van Agisamakh, van die stam van Dan.
- 35 Hy het hulle gevul met wysheid van verstand om allerhande werk te maak van 'n graveerder, 'n ontwerper, 'n maker van veelkleurige muurtapyte in persblou, pers en bloedrooi materiale en wit geweeftde linne en van 'n wewer; hulle wat al die werk moes doen en kunstige ontwerpe moes uitdink.
- 36** 1 B'tzal'el en Oholi'av en elkeen wat kunstig is, in wie יְהוָה wysheid en begrip gegee het om te weet hoe om al die werk tot diens van die Afgesonderde Plek te doen, moes dit maak net soos יְהוָה beveel het.

- 2 Mosheh het B'tzal'el, Oholi'av en elkeen wat kunstig was, in wie se wil en verstand יהוה wysheid gegee het, geroep; elkeen wie se wil en verstand hom opgewek het om die werk te kom doen.
- 3 Hulle het al die bydraes, wat die seuns van Yisra'el vir die uitvoer van die werk by die maak van die Afgesonderde Plek gebring het, vanaf Mosheh ontvang en hulle het oggend na oggend steeds vir hom vrywillige offergawes gebring.
- 4 Al die kunstige manne wat met al die werk by die Afgesonderde Plek besig was, man vir man, het van die werk waarmee hulle besig was afgekom
- 5 en hulle het met Mosheh gepraat en gesê: “Die volk bring meer as wat nodig is vir die uitvoering van die werk wat יהוה ons beveel het om te doen.”
- 6 Mosheh het bevel gegee en hulle het dit deur die kamp bekend gemaak en gesê: “Laat geen man of vrou verder enige werk doen in verband met die bydraes vir die Afgesonderde Plek nie.” Die volk is so teruggehou om te bring,
- 7 want die materiaal wat hulle gehad het, was meer as genoeg om al die werk te doen.
- 8 Almal wat kunstig was onder hulle wat aan die tabernakel gewerk het, het tien gordyne gemaak uit wit geweefde linne en met persblou, pers en bloedrooi materiaal, met gérubs; as kunstige werk het hulle dit gemaak. B'tzal'el het dit gemaak.
- 9 Die lengte van elke gordyn was agt en twintig el en die breedte van elke gordyn vier el. Al die tentdoeke het een maat gehad.
- 10 Hy het vyf van die tentdoeke aan mekaar vasgewerk en die ander vyf tentdoeke het hy ook aan mekaar vasgewerk.
- 11 Hy het lissies van persblou materiaal gemaak aan die soom van die buitenste gordyn van die een stel; hy het dieselfde gemaak aan die soom van die laaste gordyn van die tweede stel.
- 12 Vyftig lissies het hy gemaak aan die een gordyn en vyftig lissies het hy gemaak aan die kant van die gordyn van die tweede stel. Die lissies was die een teenoor die ander.
- 13 Hy het ook vyftig goue hakies gemaak en die gordyne aan mekaar vasgesit met die hakies sodat die tabernakel een geheel was.
- 14 Hy het gordyne van bokhaar gemaak as 'n tentseil oor die tabernakel: hy het elf gordyne gemaak.
- 15 Die lengte van elke gordyn was dertig el en die breedte van elke gordyn vier el: die elf tentdoeke het een maat gehad.
- 16 Hy het vyf van die gordyne afsonderlik aan mekaar gewerk en ses van die gordyne afsonderlik.
- 17 Hy het vyftig lissies gemaak aan die soom van die laaste gordyn van die een stel en vyftig lissies het hy gemaak aan die soom van die laaste gordyn van die tweede stel.
- 18 Hy het ook vyftig koper hakies gemaak om die tent aan mekaar vas te sit sodat dit een geheel was.
- 19 Hy het ook vir die tent 'n bedekking van rooi gekleurde ramsvelle gemaak en daar bo-oor 'n bedekking van dugongvelle.
- 20 Hy het ook vir die tabernakel planke van akasiahout gemaak wat regop staan.

- 21 Die plank se lengte was tien el en die breedte van elke plank was een en 'n half el.
- 22 Elke plank het twee tappe gehad wat met mekaar verbind was. So het hy al die planke van die tabernakel gemaak.
- 23 Hy het die planke vir die tabernakel gemaak: twintig planke vir die suidekant.
- 24 Hy het veertig silwer voetstukke onder die twintig planke gemaak: twee voetstukke onder die een plank vir sy twee tappe en twee voetstukke onder die ander plank vir sy twee tappe.
- 25 Hy het ook vir die ander sykant van die tabernakel, aan die noordekant, twintig planke gemaak,
- 26 met hulle veertig silwer voetstukke: twee voetstukke onder die een plank en twee voetstukke onder die ander plank.
- 27 Vir die agterkant van die tabernakel, aan die westekant, het hy ses planke gemaak.
- 28 Hy het ook twee planke vir die hoeke van die tabernakel aan die agterkant gemaak.
- 29 Hulle was aan die onderkant en aan die bokant met 'n ring aanmekaar vas. So het hy altwee gemaak vir die twee hoeke.
- 30 Daar was dus agt planke met hulle silwer voetstukke: sestion voetstukke; twee voetstukke onder elke plank.
- 31 Hy het ook pale van akasiahout gemaak: vyf vir die planke van die een sykant van die tabernakel
- 32 en vyf pale vir die planke van die ander sykant van die tabernakel; ook vyf pale vir die planke van die agterkant van die tabernakel aan die westekant.
- 33 Hy het die middelste balk gemaak om van kant tot kant te loop, in die middel van die planke, van die een ent na die ander.
- 34 Hy het die planke met goud oorgetrek en hulle ringe, as plekke vir die pale, het hy van goud gemaak. Hy het ook die pale met goud oorgetrek.
- 35 Hy het ook die verdelingsgordyn gemaak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne; as kunstige werk het hy dit gemaak, met gérubs.
- 36 Hy het vier pilare van akasiahout daarvoor gemaak en dit met goud oorgetrek; hulle hake was ook van goud en hy het vier silwer voetstukke daarvoor gegiet.
- 37 Hy het ook vir die ingang van die tent 'n gordyn gemaak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne; veelkleurige werk
- 38 en daarvoor het hy vyf pilare gemaak, met hulle hake. Hy het hulle toppe en ringe met goud oorgetrek en hulle vyf voetstukke was van koper.
- 37** 1 B'tzal'el het die ark van akasiahout gemaak; sy lengte was twee en 'n half el en sy breedte een en 'n half el en sy hoogte een en 'n half el.
- 2 Hy het dit van binne en van buite oorgetrek met suiwer goud en hy het rondom 'n goue rand gemaak.
- 3 Hy het vier goue ringe daarvoor gegiet, aan sy vier voete, twee ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant.
- 4 Hy het pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek

- 5 en hy het die pale in die ringe gesteeek aan weerskante van die ark om die ark mee te dra.
- 6 Hy het ook 'n Toedekking van suiwer goud gemaak. Sy lengte was twee en 'n half el en sy breedte een en 'n half el.
- 7 Hy het ook twee gérubs van goud gemaak. Van slaanwerk het hy hulle gemaak, aan die twee ente van die Toedekking.
- 8 Een gérub aan die een ent en een gérub aan die ander ent. Hy het die gérubs aan die twee ente, saam met die Toedekking, uit een stuk gemaak.
- 9 Die gérubs het hulle vlerke boontoe uitgesprei gehou en die Toedekking met hulle vlerke toegemaak. Hulle gesigte was na mekaar toe en het na die Toedekking gekyk.
- 10 Hy het ook die tafel van akasiahout gemaak. Sy lengte was twee el en sy breedte 'n el en sy hoogte een en 'n half el.
- 11 Hy het dit met suiwer goud oorgetrek en daarvoor 'n goue rand rondom gemaak.
- 12 Hy het ook daarvoor 'n rand van 'n handbreedte rondom gemaak en hy het 'n goue krans vir die lys rondom gemaak.
- 13 Hy het ook vier goue ringe daarvoor gegiet en hy het die ringe vasgesit aan die vier hoeke van die vier pote.
- 14 Die ringe was naby die lys, as plekke vir die pale, om die tafel te dra.
- 15 Hy het ook die pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek om die tafel mee te dra.
- 16 Hy het die bybehore, wat op die tafel moet wees, van suiwer goud gemaak: sy skottels, sy rookpanne, sy bekere en sy kanne waaruit gegiet moes word.
- 17 Hy het ook die lampstaander van suiwer goud gemaak. Van slaanwerk het hy die lampstaander uit een stuk gemaak; sy voetstuk, sy stam, sy kelmies, sy knoppe en sy blomme.
- 18 Ses arms het uit die sykkante uitgegaan: drie arms van die lampstaander uit die een kant en drie arms van die lampstaander uit die ander kant.
- 19 Daar was drie houers, gevorm soos amandelbloeisels, 'n knop en 'n blom aan die een arm en drie houers, gevorm soos amandelbloeisels, 'n knop en 'n blom aan die ander arm; dieselfde aan die ses arms wat uit die lampstaander uitgaan.
- 20 Aan die lampstaander self was vier houers, gevorm soos amandelbloeisels, met knoppe en blomme:
- 21 daar was 'n knop onder die eerste paar arms wat daaruit uitgaan en 'n knop onder die tweede paar arms wat daaruit uitgaan en 'n knop onder die derde paar arms wat daaruit uitgaan; vir die ses arms wat daaruit uitgaan.
- 22 Hulle knoppe en hulle arms was, alles saam, uit een stuk; een stuk slaanwerk van suiwer goud.
- 23 Hy het sewe lampe, die snuiters en die bakkies daarvoor van suiwer goud gemaak.
- 24 Hy het dit, met al sy gereedskap, van 'n talent suiwer goud gemaak.
- 25 Hy het die reukaltaar van akasiahout gemaak; sy lengte was 'n el en sy breedte 'n el; vierkantig. Sy hoogte was twee el. Sy horings was, daarmee saam, uit een stuk.

- 26 Hy het dit met suiwer goud oorgetrek: die bokant, die sykante en die horings. Hy het ook 'n goue rand daarvoor rondom gemaak.
- 27 Hy het ook twee goue ringe daarvoor gemaak, onderkant die rand, by sy twee hoeke, aan weerskante, as plekke vir pale om dit daarmee te dra.
- 28 Hy het die pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek.
- 29 Hy het ook die afgesonderde salfolie gemaak en die suiwer reukwerk van speserye, soos die produk van 'n speserymenger.
- 38** 1 Hy het die brandofferaltaar van akasiahout gemaak. Sy lengte was vyf el en sy breedte vyf el; vierkantig. Sy hoogte was drie el.
- 2 Hy het sy horings op die vier hoeke gemaak; sy horings was, daarmee saam, uit een stuk en hy het dit met koper oorgetrek.
- 3 Hy het ook al die bybehore van die altaar gemaak: die potte, die grawe, die komme, die vurke en die vuurpanne. Al sy bybehore het hy van koper gemaak.
- 4 Hy het ook vir die altaar 'n loopplank gemaak, 'n netwerk van koper, onder sy lys, halfpad van onder van die altaar af.
- 5 Hy het vier ringe aan die vier ente van die koper loopplank gegiet, as plekke vir die pale
- 6 en hy het die pale van akasiahout gemaak en dit met koper oorgetrek.
- 7 Hy het die pale in die ringe gesteek, aan die kante van die altaar, om dit daarmee te dra; hy het dit hol, van planke, gemaak.
- 8 Hy het ook die koper kom gemaak, met sy koper voetstuk, uit die koper spieëls van die vroue wat bymekaar gekom het vir 'n byeenkoms by die ingang van die Tent van Ontmoeting.
- 9 Hy het ook die voorhof gemaak. Aan die suidekant was die gordyne van die voorhof een honderd el lank en van wit geweefde linne.
- 10 Daar was twintig pilare vir hulle met hulle twintig koper voetstukke; die hake en die ringe van die pilare was van silwer.
- 11 Aan die noordekant was die gordyne 'n honderd el lank; met twintig pilare en hulle twintig koper voetstukke; die hake en die ringe van die pilare was van silwer.
- 12 Aan die westekant was daar gordyne van vyftig el lank; met tien pilare en hulle tien voetstukke; die hake en die ringe van die pilare was van silwer.
- 13 Aan die oostekant, waar die son opkom, vyftig el:
- 14 vyftien el gordyne vir die een kant, met drie pilare en hulle drie voetstukke;
- 15 asook vir die anderkant; aan weerskante van die poort van die voorhof; vyftien el gordyne, met drie pilare en hulle drie voetstukke.
- 16 Al die gordyne van die voorhof rondom was van wit geweefde linne
- 17 en die voetstukke van die pilare was van koper, die hake en die ringe van die pilare van silwer, die oortreksel van hulle toppe van silwer en hulle self, al die pilare van die voorhof, het silwer ringe gehad.
- 18 Die skerm van die poort van die voorhof was die produk van kunstige weefwerk, van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne: sy lengte was twintig el en die hoogte al langs sy breedte was vyf el, net soos die gordyne van die voorhof

- 19 met sy vier pilare en hulle vier voetstukke van koper, hulle hake van silwer, die oortreksel van hulle toppe en hulle ringe van silwer.
- 20 Al die penne vir die tabernakel en die voorhof rondom was van koper.
- 21 Dit is die berekening van die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis, soos dit bereken is op bevel van Mosheh, vir die diens van die Leviete, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester. Num 4:27-28, 33
- 22 B'tzal'el, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Y'hudah, het alles gemaak wat יהוה Mosheh beveel het
- 23 en saam met hom Oholi'av, die seun van Agisamakh, van die stam van Dan, 'n graveerder, ontwerper en wewer in persblou, pers en in bloedrooi materiaal en in wit geweefde linne.
- 24 Al die goud wat vir al die werk van die Afgesonderde Plek gebruik is, die goud wat as offer aangebied was, was nege en twintig talente en sewe honderd en dertig sikkels (877kg) volgens die sikkels van die Afgesonderde Plek.
- 25 Die silwer van die wat getel is van die vergadering was een honderd talente en een duisend sewe honderd vyf en sewentig sikkels (3023kg) volgens die sikkels van die Afgesonderde Plek;
- 26 'n beka vir elke persoon, dit is 'n halvesikkel volgens die sikkels van die Afgesonderde Plek, van elkeen wat oorgegaan het na die geteldes, van twintig jaar oud en daarbo, naamlik ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig mans (603 550).
- 27 Van die honderd talente silwer is die voetstukke van die Afgesonderde Plek en die voetstukke van die verdelingsgordyn gegiet; honderd voetstukke vir honderd talente, 'n talent vir 'n voetstuk
- 28 en van die een duisend sewe honderd vyf en sewentig (1775) sikkels het hy hake vir die pilare gemaak, hulle toppe oorgetrek en hulle van ringe voorsien.
- 29 Die koper wat as offer aangebied was, het sewentig talente en twee duisend vier honderd sikkels bedra (2127kg).
- 30 Hy het daarvan die voetstukke van die ingang van die Tent van Ontmoeting, die koper altaar en sy koper loopvlak en al die bybehore van die altaar gemaak;
- 31 asook die voetstukke van die voorhof rondom en die voetstukke van die poort van die voorhof en al die penne van die Tabernakel, ook al die penne van die voorhof rondom.
- 39** 1 Hulle het geweefde klere van persblou, pers en bloedrooi materiaal gemaak om in die Afgesonderde Plek te dien en ook die afgesonderde klere vir Aharon gemaak, net soos יהוה Mosheh beveel het.
- 2 Hy het die skouerkleed gemaak van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.
- 3 Hulle het dun plate van die goud geslaan en hy het dit in drade gesny om dit in te werk in die persblou, pers en bloedrooi materiaal en in die wit geweefde linne; 'n produk van kunstige werk.
- 4 Hulle het skouerstukke daaraan gemaak wat aan mekaar vas is; aan die twee bo-ente was dit aan mekaar vas

- 5 en die inmeekaargeweefde band wat daaraan was om dit vas te bind, was daarmee saam uit een stuk, van dieselfde werk, van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 6 Hulle het ook die oniksstene gemaak, vasgesit in monteerrame van goud, gegraveer, soos wat op 'n seëlsteen uitgesny word, met die name van die seuns van Yisra'el
- 7 en hy het hulle op die skouerstukke van die skouerkleed vasgesit as herinneringstene vir die seuns van Yisra'el, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 8 Hy het ook die borsplaat van kunstige werk gemaak, soos die werk van die skouerstuk; van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.
- 9 Hulle het die borsplaat vierkantig gemaak deur dit dubbel te vou; sy lengte 'n span en sy breedte 'n span as dit dubbel gevou is
- 10 en hulle het vier rye stene daarin geset: 'n ry met 'n robyn, 'n topaas en 'n smarag was die eerste ry.
- 11 Die tweede ry 'n turkoois, 'n saffier en 'n diamant,
- 12 die derde ry 'n hiasint, 'n agaath en 'n ametis
- 13 en die vierde ry 'n beril, 'n oniks en 'n jaspis. Hulle is vasgesit en in goue monteerrame geset.
- 14 Daar was twaalf stene met die name van die seuns van Yisra'el, volgens hulle name gegraveer, soos wat op 'n seëlsteen uitgesny word; elkeen met sy eie naam volgens die twaalf stamme.
- 15 Hulle het ook by die borsplaat kettings van suiwer goud gemaak, soos gedraaide toue
- 16 en hulle het twee goue monteerrame en twee goue ringe gemaak en die twee ringe aan die twee bo-ente van die borsplaat vasgesit
- 17 en hulle het die twee goue toue aan die twee ringe aan die bo-ente van die borsplaat vasgemaak,
- 18 maar die twee ander ente van die twee toue het hulle aan die twee monteerrame vasgemaak en dié dan aan die skouerstukke van die skouerkleed vasgesit, aan die voorkant daarvan.
- 19 Hulle het ook twee goue ringe gemaak en dié aan die twee onder-ente van die borsplaat vasgesit, aan die kant wat teen die skouerkleed aan lê, aan die binnekant.
- 20 Hulle het twee goue ringe gemaak en dié aan die twee skouerstukke van die skouerkleed vasgesit, onderaan, aan die voorkant daarvan, by sy verbinding, bo die geweefde band van die skouerkleed
- 21 en hulle het die borsplaat, met sy ringe, met 'n persblou toutjie aan die ringe van die skouerstuk vasgebond sodat dit bo die band van die skouerstuk sou wees en die borsplaat nie van die skouerstuk kon afskuif nie, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 22 Hy het die bokleed van die skouerstuk van geweefde werk gemaak, heeltemal van persblou materiaal.
- 23 Die opening van die bokleed was in die middel daarvan soos die opening van 'n borswapen; die opening het 'n soom rondom gehad sodat dit nie mag skeur nie.
- 24 Aan die soom van die bokleed het hulle granate gemaak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.

- 25 Hulle het ook klokkies van suiwer goud gemaak en die klokkies tussen die granate gesit, aan die soom van die bokleed, rondom, tussen die granate:
- 26 'n klokkie en 'n granaat, 'n klokkie en 'n granaat, reg rondom aan die soom van die bokleed waarin bedien is, soos יהוה Moshéh beveel het.
- 27 Hulle het ook die klede van wit linne gemaak, van wewerswerk, vir Aharon en sy seuns
- 28 en die tulbande van wit linne en die ornamentele tulbande van wit linne en die broeke van wit geweefde linne
- 29 en die gordel van wit geweefde linne en van persblou, pers en bloedrooi materiale, die produk van 'n kunstige wewer, soos יהוה Moshéh beveel het.
- 30 Hulle het ook die plaat van die afgesonderde kroon van suiwer goud gemaak en daarop geskrywe met letters, soos dit op 'n seëlsteen uitgesny word: AFGESONDER TOT יהוה.
- 31 Hulle het 'n persblou tou daaraan vasmagemaak om dit bo-op die tulband vas te sit, soos יהוה Moshéh beveel het.
- 32 So is dan al die werk aan die Tent van Ontmoeting voltooi en die seuns van Yisra'el het dit gemaak net soos יהוה Moshéh beveel het; so het hulle dit gemaak.
- 33 Hulle het die tent na Moshéh toe gebring, die tent self met alles wat daarby behoort, sy hakies, sy planke, sy pale, sy pilare, sy voetstukke,
- 34 die dekkleed van rooigekleurde ramsvelle, die dekkleed van dugongvelle, die verdelingsgordyn van die Toedekking,
- 35 die ark van die Getuienis met sy pale, die Toedekking,
- 36 die tafel met al sy bybehore, die brode van die Teenwoordigheid,
- 37 die suiwer lampstaander met sy lampe, die lampe wat daarop gerangskik moes word, met al sy bybehore en die olie vir die lampstaander;
- 38 verder die goue altaar, die salfolie, die reukwerk van speserye en die gordyn vir die ingang van die tent;
- 39 die koper altaar en sy koper loopvlak, sy pale met al sy bybehore, die kom en sy voetstuk,
- 40 die gordyne van die voorhof, sy pilare en sy voetstukke, die gordyn vir die poort van die voorhof, die lyne en penne wat daarby hoort en al die bybehore vir die diens in die Tent van Ontmoeting;
- 41 die geweefde klere, waarmee in die Afgesonderde plek bedien is, die afgesonderde klere van Aharon, die priester en die klere van sy seuns, om in te dien as priesters.
- 42 Volgens alles wat יהוה Moshéh beveel het, so het die seuns van Yisra'el al die werk gedoen.
- 43 Moshéh het al die werk inspekteer en werklik, hulle het dit gemaak soos יהוה beveel het, so het hulle dit gemaak en Moshéh het hulle geseën.

40 יהוה 1 het met Moshéh gepraat en gesê:

2 “Op die eerste dag van die eerste maand, moet jy die Tent van Ontmoeting oprig

3 en jy moet die ark van die Getuienis daarin sit en die ark met die verdelingsgordyn toemaak.

- 4 Jy moet die tafel inbring en daarop regsit wat daarop hoort. Jy moet ook die lampstaander inbring en sy lampe opsteek.
- 5 Jy moet ook die goue altaar vir die reukwerk voor die ark van die Getuienis neersit. Jy moet die gordyn van die ingang van die tabernakel ophang.
- 6 Jy moet ook die brandofferaltaar voor die ingang van die Tent van Ontmoeting neersit
- 7 en die kom tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar neersit en water ingooi.
- 8 Maak die voorhof rondom en hang die gordyn aan die poort van die voorhof op.
- 9 Jy moet die salfolie neem en jy moet die tent en alles wat daarin is salf en dit afsonder met alles wat daarby hoort en dit sal afgesonderd wees.
- 10 Jy moet ook die brandofferaltaar salf met al sy bybehore en jy moet die altaar afsonder en die altaar sal heeltemal afgesonderd wees.
- 11 Salf die kom en sy voetstuk en sonder dit af.
- 12 Jy moet ook vir Aharon en sy seuns na die ingang van die Tent van Ontmoeting laat kom en jy moet hulle met water was.
- 13 Jy moet vir Aharon die afgesonderde klere aantrek en hom salf en afsonder sodat hy My kan dien as priester.
- 14 Jy moet ook sy seuns laat kom en vir hulle die klede aantrek.
- 15 Jy moet hulle salf, soos jy hulle vader gesalf het en hulle moet My dien as priesters, want hulle salwing sal vir hulle 'n ewige priesterskap wees, in hulle geslagte.”
- 16 Dit het Mosheh gedoen, volgens alles wat יְהוָה hom beveel het, net so het hy gedoen.
- 17 In die eerste maand, in die tweede jaar, op die eerste van die maand, is die tabernakel opgerig.
- 18 Mosheh het die tabernakel opgerig: hy het sy voetstukke neergesit, sy planke daarop gesit, sy pale vasgemaak en sy pilare opgerig.
- 19 Hy het die tent oor die raamwerk gespan en die dekkleed van die tent bo-oor getrek, net soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 20 Verder het hy die Getuienis gevat en dit in die ark ingesit en die pale aan die kant van die ark ingestee en die Toedekking het hy bo-op die ark gesit.
- 21 Hy het die ark in die tabernakel ingebring, die verdelingsgordyn as bedekking opgehang en die ark van die Getuienis toegemaak, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 22 Hy het die tafel in die Tent van Ontmoeting neergesit, aan die noordekant van die tabernakel, buitekant die verdelingsgordyn.
- 23 Hy het die brood daarop gerangskik voor die Teenwoordigheid van יְהוָה, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 24 Hy het ook die lampstaander in die Tent van Ontmoeting gesit, oorkant die tafel, aan die suidekant van die tabernakel.
- 25 Hy het die lampe opgesteek, voor die Teenwoordigheid van יְהוָה, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 26 Hy het die goue altaar in die Tent van Ontmoeting neergesit, voor die verdelingsgordyn
- 27 en reukwerk van speserye daarop aan die brand gestee, soos יְהוָה Mosheh beveel het.

- 28 Hy het die gordyn aan die ingang van die tabernakel opgehang.
- 29 Hy het die brandofferaltaar by die ingang van die Tent van Ontmoeting neergesit en hy het die brandoffer en die graanoffer daarop gebring, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 30 Hy het die kom tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar gesit en hy het water ingegooi om mee te was
- 31 en Mosheh, Aharon en sy seuns het hulle hande en voete daar gewas.
- 32 Wanneer hulle ingaan in die Tent van Ontmoeting of naderkom na die altaar, het hulle hul gewas, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 33 Hy het die voorhof wat rondom die tabernakel is en die altaar opgerig en die gordyn vir die poort van die voorhof opgehang. So het Mosheh dan die werk voltooi
- 34 en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יְהוָה het die tent gevul.
- 35 Mosheh was nie in staat om in die Tent van Ontmoeting in te gaan nie omdat die wolk daarop gerus en die Teenwoordigheid van יְהוָה die tent gevul het.
- 36 Wanneer ook al die wolk van die tent af oplig, het die seuns van Yisra'el weggetrek op al hulle reise,
- 37 maar as die wolk nie oplig nie, dan trek hulle nie weg nie, tot die dag wat dit weer oplig,
- 38 want die wolk van יְהוָה was bedags en vuur in die nag op die tent, voor die oë van die hele huis van Yisra'el, op al hulle reise.

Die derde boek van die Verbond (Tanakh)

Die derde boek van die Instruksies (Torah)

Levitikus

(ויקרא - Vayikra – Hy het geroep)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

- 1 **יהוה** 1 het Mosheh geroep en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê:
- 2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As iemand van julle aan **יהוה** ’n offer bring, moet julle jul offer bring vanuit vee: van beeste of van kleinvee.
- 3 As sy offer ’n brandoffer is vanuit die beeste, moet dit ’n bul sonder gebrek wees wat hy offer. Hy moet dit by die ingang van die Tent van Ontmoeting offer sodat hy voor **יהוה** aanvaar sal word.
- 4 Hy moet sy hand op die kop van die brandoffer lê sodat dit aanvaar mag word om namens hom toedekking te doen.
- 5 Hy moet die jong bul voor **יהוה** doodmaak en die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed bring en die bloed rondom teen die altaar, wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting is, sprinkel.
- 6 Hy moet dan die brandoffer afslag en dit in sy stukke verdeel.
- 7 Die seuns van Aharon, die priester, moet vuur op die altaar sit en hout op die vuur regpak.
- 8 Die seuns van Aharon, die priesters, moet die stukke, die kop en die vet, regpak op die hout, wat op die vuur, op die altaar is,
- 9 maar die binnegoed en die pote moet hy met water was en die priester moet dit alles op die altaar in rook laat opgaan as ’n brandoffer, ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot **יהוה**.
- 10 As sy offer ’n stuk kleinvee as brandoffer is, van die skape of van die bokke, moet dit ’n ram sonder gebrek wees wat hy offer.
- 11 Hy moet dit aan die noordekant van die altaar, voor **יהוה** doodmaak en die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed daarvan rondom teen die altaar sprinkel.
- 12 Hy moet dit in sy stukke verdeel, met die kop en die vet en die priester moet dit reglê op die hout, wat op die vuur is, op die altaar,
- 13 maar die binnegoed en die pootjies moet hy met water was en die priester moet dit alles bring en op die altaar brand en in rook laat opgaan, as ’n brandoffer, ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot **יהוה**.
- 14 As sy offer aan **יהוה** ’n brandoffer is van voëls, moet hy sy offer bring van tortelduiwe of van jong duiwe.
- 15 Die priester moet dit na die altaar bring en die kop afknyp en dit op die altaar brand en in rook laat opgaan; hy moet die bloed teen die kant van die altaar laat uitloop.
- 16 Hy moet die krop saam met sy vere verwyder en dit langs die altaar gooi, aan die oostekant, op die plek vir as.
- 17 Hy moet dit by die vlerke skeur, sonder om hulle af te trek en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek, op die hout, wat op die vuur is; dit is ’n brandoffer, ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot **יהוה**.

- 2¹ As iemand aan יהוה 'n graanoffer bring, moet sy offer van fyn meel wees en hy moet olie daarop gooi en wierook daarop sit.
- 2 Hy moet dit na die seuns van Aharon, die priesters, bring en een moet 'n volle handvol van die fyn meel met die olie vat, met al die wierook en hy moet dit as die deel van die herdenkingsoffer op die altaar brand en in rook laat opgaan, 'n offer deur vuur, 'n aangename geur tot יהוה.
- 3 Wat oorbly van die graanoffer, is vir Aharon en sy seuns. Van die offers wat met vuur tot יהוה gebring word, is dit 'n mees afgesonderde ding.
- 4 As jy 'n graanoffer bring wat in die oond gebak is, moet dit ongesuurde koeke van fyn meel wees, met olie gemeng of ongesuurde platkoeke met olie gesmeer.
- 5 As jou offer 'n graanoffer is wat op 'n plaat gebak is, moet dit van fyn meel wees met olie gemeng en ongesuurd.
- 6 Jy moet dit in stukkies breek en olie daarop gooi: dit is 'n graanoffer.
- 7 As 'n graanoffer in 'n pan gebak, jou offer is, moet dit van fyn meel wees met olie.
- 8 Jy moet die graanoffer wat van hierdie dinge voorberei word, aan יהוה bring en wanneer dit vir die priester aangebied is, sal hy dit na die altaar toe bring.
- 9 Die priester moet vanuit die graanoffer 'n porsie as herdenkingsoffer uithaal en op die altaar brand en in rook laat opgaan, 'n offer deur vuur, 'n aangename geur tot יהוה.
- 10 Wat oorbly van die graanoffer, is vir Aharon en sy seuns. Van die offers wat met vuur tot יהוה gebring word, is dit 'n mees afgesonderde ding.
- 11 Geen graanoffer wat julle tot יהוה bring, mag van suurdeeg gemaak word nie, want jy mag géén suurdeeg of heuning in rook tot יהוה laat opgaan en brand in 'n offer van vuur nie.
- 12 Julle mag dit as 'n offer van eersteling tot יהוה bring, maar dit mag nie op die altaar as 'n aangename geur gebrand word nie.
- 13 Jy moet al jou graanoffers egter met sout voorberei en jy mag die sout van die verbond van jou God nie laat ontbreek by jou graanoffer nie. Jy moet sout saam met al jou offers offer. Num 18:19; Mar 9:49,50; Kol 4:6
- 14 As jy 'n graanoffer van eersteling tot יהוה bring, moet jy groen are wat oor die vuur gebraai is, graan uitgeslaan van vol are, as 'n graanoffer van jou eersteling offer.
- 15 Jy moet olie daarop gooi en wierook daarop sit; dit is 'n graanoffer.
- 16 Die priester moet die herdenkingsgedeelte daarvan in rook laat opgaan, 'n deel van die uitgeslaande graan en van die olie met al die wierook, as 'n offer van vuur tot יהוה.
- 3¹ As sy offer 'n vredesoffer is, as hy dit van beeste bring, bul of vers, moet hy een sonder gebrek voor יהוה bring.
- 2 Hy moet sy hand op die kop van sy offer lê en dit by die ingang van die Tent van Ontmoeting doodmaak en die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.
- 3 Hy moet van die vredesoffer 'n offer van vuur tot יהוה offer: die vet wat die binnegoed toemaak en al die vet wat aan die binnegoed is,

- 4 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, moet hy saam met die niere verwyder.
- 5 Die seuns van Aharon moet dit op die altaar offer en in rook laat opgaan bo-op die brandoffer, wat op die hout is, op die vuur, as 'n offer deur vuur, 'n aangename geur tot יְהוָה.
- 6 As sy offer 'n stuk kleinvee is, as 'n vredesoffer aan יְהוָה, moet hy een wat sonder gebrek is offer, ram of ooi.
- 7 As hy 'n skaaplam bring as sy offer, moet hy dit voor יְהוָה offer
- 8 en sy hand op die kop van sy offer lê en dit voor die Tent van Ontmoeting doodmaak en die seuns van Aharon moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.
- 9 Hy moet van die vredesoffer 'n offer van vuur tot יְהוָה offer: die vet, die totale vetstert wat hy naby die rugstring sal verwyder, die vet wat die binnegoed bedek en al die vet wat aan die binnegoed is,
- 10 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, wat hy saam met die niere moet verwyder
- 11 en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan as kos in 'n offer, 'n offer deur vuur tot יְהוָה.
- 12 As sy offer 'n bok is, moet hy dit voor יְהוָה offer
- 13 en sy hand op die kop van sy offer lê en dit voor die Tent van Ontmoeting doodmaak en die seuns van Aharon moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.
- 14 Hy moet sy offer, as offer van vuur tot יְהוָה, daarvan bring: die vet wat die binnegoed bedek en al die vet wat aan die binnegoed is,
- 15 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, moet hy saam met die niere verwyder
- 16 en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan as kos in 'n offer tot 'n aangename geur. Al dié vet behoort aan יְהוָה.
- 17 Hierdie sal 'n ewige instelling wees in julle geslagte, in al julle blyplekke: julle mag géén vet en géén bloed eet nie. ^{”” Lev 7:23, 27; Lev 17:10-14}
- 4** ¹ יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê: ‘As iemand onwetend teen een van die opdragte, wat יְהוָה beveel het nie gedoen mag word nie, sondig en enige een van hulle oortree; ^{Ya'a 2:10}
- 3 of as die gesalfde priester sondig en daardeur skuld op die mense bring; moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n jong bul, sonder gebrek, aan יְהוָה bring as 'n sondoffer.
- 4 Hy moet die bul bring na die ingang van die Tent van Ontmoeting, voor יְהוָה en hy moet sy hand op die kop van die bul lê en die bul voor יְהוָה doodmaak.
- 5 Die gesalfde priester moet van die bloed van die bul vat en dit na die Tent van Ontmoeting bring
- 6 en die priester moet sy vinger in die bloed steek en van die bloed sewe maal voor יְהוָה sprinkel, voor die verdelingsgordyn van die Afgesonderde plek.

- 7 Die priester moet ook van die bloed aan die horings van die altaar van die gekeurde wierook, wat in die Tent van Ontmoeting voor יהוה is, smeer en hy moet al die orige bloed van die bul uitgooi aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting is
- 8 en al die vet van die sondofferbul moet hy van hom af wegvat: die vet wat die binnegoed toemaak en al die vet wat aan die binnegoed is,
- 9 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, wat hy saam met die niere moet verwyder,
- 10 net soos dit van die vredesoffer verwyder word; die priester moet dit in rook laat opgaan op die brandofferaltaar,
- 11 maar die vel van die bul en al sy vleis, met die kop, die pote, die binnegoed en die mis,
- 12 die hele res van die bul, moet hy buitekant die kamp uitbring na 'n skoon plek waar die as uitgegooi word en hy moet hom op hout, met vuur verbrand; op die plek waar die as uitgegooi word, moet dit verbrand word.
- 13 As die hele vergadering van Yisra'el oortree en dit is verborge vir die vergadering en hulle het enige iets gedoen teen die opdragte van יהוה, wat nie gedoen moes word nie en skuldig is;
- 14 wanneer die sonde wat hulle gedoen het, bekend word, moet die vergadering 'n jong bul vir hulle sonde offer en hom voor die Tent van Ontmoeting bring.
- 15 Die oudstes van die vergadering moet hulle hande op die kop van die bul lê voor יהוה en die bul moet voor יהוה doodgemaak word.
- 16 Die gesalfde priester moet van die bloed van die bul na die Tent van Ontmoeting bring
- 17 en die priester moet sy vinger in die bloed steek en dit sewe maal voor יהוה, voor die verdelingsgordyn sprinkel
- 18 en hy moet van die bloed aan die horings van die altaar wat voor יהוה in die Tent van Ontmoeting is, smeer en hy moet al die orige bloed uitgooi aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting is.
- 19 Hy moet al die vet van dit verwyder en op die altaar in rook laat opgaan.
- 20 Hy moet met die bul doen soos hy met die sondofferbul gedoen het. Net so moet hy met hom maak. Die priester moet so vir hulle toedekking doen en dit sal hulle vergewe word.
- 21 Hy moet die bul buitekant die kamp uitbring en hom verbrand soos hy die eerste bul verbrand het; dit is 'n sondoffer namens die vergadering.
- 22 As 'n leier sondig en iets onwetend gedoen het teen enige van die opdragte van יהוה, sy God, in enige iets wat nie gedoen moet word nie en hy skuldig is,
- 23 as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as sy offer 'n boklam bring, 'n ram sonder gebrek
- 24 en hy moet sy hand op die kop van die bok lê en hom slag op die plek waar hulle die brandoffer voor יהוה doodmaak; dit is 'n sondoffer.
- 25 Die priester moet van die bloed van die sondoffer met sy vinger vat en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar die orige bloed moet hy aan die onderkant van die brandofferaltaar uitgooi.

- 26 Hy moet al die vet op die altaar in rook laat opgaan, soos die vet van die vredesoffer. So moet die priester dan vir hom toedekking doen vir sy sonde en dit sal hom vergewe word.
- 27 As iemand van die volk van die land onwetend sondig, deur enige iets te doen wat יהוה beveel het nie gedoen moet word nie en skuldig word,
- 28 as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as sy offer 'n boklam bring, 'n oilam sonder gebrek, vir die sonde wat hy gedoen het
- 29 en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer doodmaak op die plek van die brandoffer.
- 30 Die priester moet van haar bloed met sy vinger vat en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgooi;
- 31 al die vet moet hy verwyder, soos die vet van die vredesoffer af verwyder is en die priester moet dit op die altaar as 'n aangename geur tot יהוה in rook laat opgaan. So moet die priester dan vir hom toedekking doen en dit sal hom vergewe word.
- 32 As hy 'n skaaplam as sy sondoffer bring, moet dit 'n oilam wees sonder gebrek
- 33 en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en dit as sondoffer doodmaak op die plek waar hulle die brandoffer doodmaak.
- 34 Die priester moet van die bloed van die sondoffer met sy vinger vat en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgooi.
- 35 Al die vet moet hy verwyder soos die vet van die vredesofferlam verwyder word en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan volgens die offers deur vuur tot יהוה. So moet die priester vir hom toedekking doen vir die sonde wat hy gedoen het en dit sal hom vergewe word.
- 5** 1 As iemand sondig nadat hy die gesproke eedswering gehoor het terwyl hy getuie was van iets, wat hy óf gesien het óf daarvan weet en hy dit nie rapporteer nie, dra hy skuld; Mat 26:63-65; Mar 14:61-63
- 2 of: as iemand enige iets aanraak wat onrein is; Rig 14:8-9 die karkas van 'n onrein wilde dier, of die karkas van onrein vee, of die karkas van onrein kruipende gediertes en dit nie geweet het nie, sal hy ook onrein en skuldig wees;
- 3 of as hy iets menslik onrein aanraak, watter onreinheid waardeur hy hom ook al kan verontreinig en hy dit nie geweet het nie, maar hy dit te wete gekom het, is hy skuldig;
- 4 of: as iemand sweer terwyl hy onnadenkend met die lippe praat om kwaad of goed te doen, wat 'n mens ook al met 'n eed onverskillig kan praat en hy dit nie weet nie, wanneer hy dit te wete gekom het, is hy skuldig aan al die dinge.
- 5 Dit sal wees dat as hy aan een van hierdie dinge skuldig is, hy moet bely dat hy daarin gesondig het
- 6 en hy moet sy oortredingsoffer aan יהוה bring vir die sonde wat hy gedoen het, 'n oilam vanuit die kleinvee, 'n skaaplam of 'n boklam, as 'n sondoffer. So moet die priester namens hom toedekking doen vir sy sonde.

- 7 As hy nie kleinvee kan bekostig nie, moet hy vir die skuld van sy sonde, twee tortelduiwe of twee jong duiwe aan יהוה bring, een as sondoffer en een as 'n brandoffer;
 - 8 hy moet hulle na die priester bring, wat die een, wat as sondoffer bedoel is, eerste moet offer en sy kop by sy nek afknyp sonder om dit af te skeur.
 - 9 Hy moet van die bloed van die sondoffer teen die kant van die altaar sprinkel, maar wat oorbly van die bloed, moet aan die onderkant van die altaar gedreineer word; dit is 'n sondoffer.
 - 10 Die tweede een moet hy as 'n brandoffer, volgens voorskrif, offer. So moet die priester vir hom toedekking doen weens die sonde wat hy gedoen het en dit sal hom vergewe word.
 - 11 As hy nie twee tortelduiwe of twee jong duiwe kan bekostig nie, moet hy as offer, vir wat hy gesondig het, 'n tiende van 'n efa fyn meel as sondoffer bring. Hy moet geen olie daarop gooi en geen wierook daarby sit nie, want dit is 'n sondoffer.
 - 12 Hy moet dit na die priester bring en die priester moet daar 'n vol handvol van vat as die herdenkingsdeel en dit op die altaar in rook laat opgaan volgens die offers deur vuur tot יהוה. Dit is 'n sondoffer.
 - 13 So moet die priester vir hom toedekking doen vir die sonde wat hy gedoen het in enige een van hierdie gevalle en dit sal hom vergewe word. Die res behoort aan die priester, net soos die graanoffer.”
 - 14 יהוה het ook met Mosheh gepraat en gesê:
 - 15 “As iemand 'n oortreding begaan en onwetend sondig met betrekking tot die afgesonderde dinge van יהוה, moet hy 'n ram, sonder gebrek, vanuit die kleinvee, na יהוה bring vir sy oortreding, na jou skatting van die waarde in sikkels silwer, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek, as 'n oortredingsoffer.
 - 16 Hy moet vergoeding gee vir wat hy ten opsigte van die afgesonderde dinge gesondig het en nog 'n vyfde deel daarvan byvoeg en dit aan die priester gee. So moet die priester vir hom toedekking doen deur die oortredings-offerram en dit sal hom vergewe word.
 - 17 As iemand sondig en onbewus enigiets doen wat deur die opdragte van יהוה verbied word, is hy skuldig en moet hy sy straf dra.
 - 18 Hy moet van die kleinvee, 'n ram sonder gebrek, as oortredingsoffer, volgens jou beraming, na die priester bring en die priester moet vir hom toedekking doen vir sy onbewuste fout en dit sal hom vergewe word.
 - 19 Dit is 'n oortredingsoffer; hy het sekerlik voor יהוה skuldig geword.”
- 6** יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “As iemand sondig en ontrou handel teenoor יהוה deurdat hy lieg teenoor sy naaste aangaande iets wat in sy hand gesit is vir bewaring, of as 'n deposito gegee is, of geroof is, of as hy iets van sy naaste afgepers het,
 - 3 of dat hy iets gekry het wat weg was en daarvoor lieg en hy vals sweer; ten opsigte van enige van hierdie dinge wat 'n mens kan doen waardeur hy sondig,
 - 4 sal dit wees omdat hy gesondig het en skuldig is, hy moet teruggee wat hy gesteel of deur afpersing gevat het, of wat aan hom toevertrou was vir bewaring, of verlore goed wat hy gevind het,

- 5 of alles waaroor hy vals gesweer het: hy moet dit ten volle vergoed en nog 'n vyfde van die waarde daarvan bysit en aan hom aan wie dit behoort teruggee, op die dag as hy sy oortredingsoffer doen.
- 6 Hy moet van die kleinvee, na jou skatting, as oortredingsoffer aan יְהוָה, 'n ram, sonder gebrek, as oortredingsoffer na die priester bring.
- 7 Die priester moet vir hom toedekking doen voor יְהוָה en hy sal vergewe wees vir enige van die dinge wat hy gedoen het en waaraan hy skuldig is.”
- 8 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 9 “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word.
- 10 Die priester moet sy linne kleed aantrek en die linne broek moet hy oor sy vlees aantrek; dan moet hy die as van die brandoffer wat die vuur op die altaar verteer het, aflig en dit langs die altaar gooi.
- 11 Hy moet sy klere uittrek, ander klere aantrek en die as buitekant die kamp na 'n rein plek dra.
- 12 Die vuur op die altaar moet daarop aan die brand gehou word, dit mag nie doodgaan nie en die priester moet elke oggend hout daarop aan die brand steek en die brandoffer daarop reg uitleë en die stukke vet van die vredesoffer daarop brand en in rook laat opgaan.
- 13 Vuur moet altyddeur op die altaar brand; dit mag nie doodgaan nie.
- 14 Dit is die wet van die graanoffer: die seuns van Aharon moet dit voor יְהוָה aanbied, voor die altaar.
- 15 Dan moet een van hulle van die graanoffer se fyn meel 'n handvol vat, met sy olie en al die wierook wat op die graanoffer is en hy moet dit op die altaar in rook laat opgaan vir 'n aangename geur as 'n herdenking tot יְהוָה.
- 16 Wat daarvan oorbly, moet Aharon en sy seuns eet; as ongesuurde brode moet dit op 'n afgesonderde plek geëet word; in die voorhof van die Tent van Ontmoeting moet hulle dit eet.
- 17 Dit mag nie met suurdeeg gebak word nie. Ek het dit gegee as hulle deel van my offers wat met vuur gebring word. Dit is heeltemal afgesonderd, soos die sondoffer en die oortredingsoffer.
- 18 Almal wat manlik is onder die seuns van Aharon mag dit eet. Dit is 'n ewige instelling vir julle geslagte aangaande die offers wat met vuur gebring word tot יְהוָה. Almal wat daaraan raak, sal afgesonderd wees.”
- 19 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 20 “Dit is die offer van Aharon en sy seuns, wat hulle aan יְהוָה moet bring, op die dag as hy gesalf word: 'n tiende van 'n efa fyn meel as 'n gereelde graanoffer; die helfte daarvan in die oggend en die helfte in die aand.
- 21 Dit moet in 'n pan met olie voorberei word; jy moet dit gemeng bring; die gebakte stukkies van die graanoffer moet jy offer as 'n aangename geur tot יְהוָה.
- 22 Die priester, wat uit sy seuns, in sy plek gesalf word, moet dit ook doen. Dit is 'n ewige instelling tot יְהוָה. Dit moet heeltemal geoffer, in rook opgaan,

- 23 want elke graanoffer van 'n priester moet volledig verbrand word; dit mag nie geëet word nie.”
- 24 יהוה het met Mosheh gepaas en gesê:
- 25 “Praat met Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die sondoffer: op die plek waar die brandoffer doodgemaak word, moet die sondoffer voor יהוה doodgemaak word. Dit is heeltemal afgesonderd.
- 26 Die priester wat dit as sondoffer bring, moet dit eet; op 'n afgesonderde plek moet dit geëet word, in die voorhof van die Tent van Ontmoeting.
- 27 Elkeen wat aan die vleis daarvan raak, word afgesonder en as daar van die bloed op 'n kledingstuk spat, moet jy die stuk waarop dit spat, op 'n afgesonderde plek was,
- 28 maar die erdepot waarin dit gekook is, moet stukkend gebreek word. As dit in 'n koperpot gekook is, moet dit geskuur en met water afgespoel word.
- 29 Almal wat manlik is onder die priesters, mag dit eet; dit is heeltemal afgesonderd,
- 30 maar geen sondoffer, waarvan 'n deel van die bloed in die Tent van Ontmoeting ingebring word, om in die Afgesonderde plek toedekking te doen, mag geëet word nie. Dit moet met vuur verbrand word.
- 7** 1 Nou hierdie is die wet van die oortredingsoffer: dit is heeltemal afgesonder.
- 2 Op die plek waar hulle die brandoffer slag, moet hulle die oortredingsoffer slag en sy bloed moet rondom teen die altaar gesprinkel word. ^{Open 6:9,10}
- 3 Hy moet al die vet daarvan offer: die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek,
- 4 die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is en die vetlap aan die lewer moet hy saam met die niere verwyder.
- 5 Die priester moet die vet op die altaar brand en in rook laat opgaan as 'n offer tot יהוה deur vuur gebring; dit is 'n oortredingsoffer.
- 6 Alle mans onder die priesters, mag van die oortredingsoffer eet. Op 'n afgesonderde plek moet dit geëet word; dit is heeltemal afgesonder.
- 7 Die oortredingsoffer is net soos die sondoffer, een wet geld vir hulle; dit is vir die priester wat daardeur toedekking doen.
- 8 Die priester wat iemand se brandoffer offer, daardie priester sal die vel van die brandoffer wat hy geoffer het, vir homself vat;
- 9 asook elke graanoffer wat in die oond gebak word, alles wat in die pan of op die plaat voorberei is, sal vir die priester wat dit offer wees.
- 10 Elke graanoffer, met olie gemeng of droog, sal vir al die seuns van Aharon, vir die een soos vir die ander, wees.
- 11 Hierdie is die wet van die vredesoffer wat tot יהוה aangebied sal word:
- 12 as hy dit as dankoffer bring, moet hy saam met die dankoffer, ongesuurde koeke met olie gemeng, ongesuurde platkoeke met olie gesmeer of koeke van fyn meel gemeng met olie offer.
- 13 Saam met die offer vir sy dankoffer as vredesoffer, moet hy koeke offer van gesuurde brood.
- 14 Van dit, een koek van elke offer, moet hy as opligoffer aan יהוה offer; dit sal wees vir die priester wat die bloed van die vredesoffer sprinkel.

- 15 Die vleis van sy dankoffer as vredesoffer moet geëet word op dieselfde dag as wat hy dit offer; hy mag niks daarvan los tot die oggend toe nie.
- 16 As die offer wat hy offer, 'n gelofte of vrywillige offer is, moet dit geëet word op dieselfde dag as wat hy sy offer bring en op die volgende dag mag, wat daarvan oorbly, geëet word,
- 17 maar wat van die vleis, wat geoffer is, oorgebly het op die derde dag, moet met vuur verbrand word.
- 18 As enige van die vleis van sy vredesoffer op die derde dag geëet word, sal hy wat dit geoffer het nie aanvaar word nie; dit sal vir hom nie toegereken word nie; dit sal 'n gruwel wees en die persoon wat daarvan eet, moet sy eie skuld dra.
- 19 Die vleis wat aan iets onreins raak, mag ook nie geëet word nie; dit moet met vuur verbrand word, maar wat die ander vleis betref, elkeen wat rein is, mag daarvan eet,
- 20 maar die een wat vleis eet van die vredesoffer wat יהוה toekom terwyl hy onrein is, dié persoon moet van sy volksgenote afgesny word.
- 21 Wanneer iemand aan iets onreins raak; aan die onreinheid van 'n mens of aan 'n onrein dier of enige verwerplike onrein ding en dan eet van die vleis van die vredesoffer wat יהוה toekom, dié persoon moet van sy volksgenote afgesny word.”
- 22 יהוה het met Moshèh gepraat en gesê:
- 23 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê: ‘Jy mag géén vet van 'n bees of 'n skaap of 'n bok eet nie.
- 24 Die vet van diere wat natuurlik dood is en die vet van diere wat verskeur is, kan vir enige werk gebruik word, maar jy mag niks daarvan eet nie,
- 25 want elkeen wat die vet eet van dié vee wat tot יהוה met vuur geoffer word, die persoon wat dit eet, moet van sy volksgenote afgesny word.
- 26 Julle mag ook géén bloed van voëls of van vee in enige een van julle blyplekke eet nie. ^{Lev 3:17; 17:10-14}
- 27 Enige persoon wat enige bloed eet, dié moet van sy volksgenote afgesny word.”
- 28 יהוה het met Moshèh gepraat en gesê:
- 29 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê: ‘Hy wat aan יהוה sy vredesoffer bring, moet self aan יהוה die offer uit sy vredesoffer offer.
- 30 Sy eie hande moet die offers deur vuur tot יהוה offer: die vet met die bors moet hy bring; om die bors as waaioffer voor יהוה te waai.
- 31 Die priester moet die vet op die altaar in rook laat opgaan, maar die bors sal vir Aharon en sy seuns wees.
- 32 Julle moet ook die regterboud aan die priester gee, as bydrae vanuit julle vredesoffers. ^{1 Sh'm 2:13-17; 28-31}
- 33 Hy wat, vanuit die seuns van Aharon, die bloed en die vet van die vredesoffers offer, aan hom kom die regterboud toe, as sy deel,
- 34 want die bors van die waaioffer en die boud van die bydrae het Ek van die seuns van Yisra'el uit hulle vredesoffers gevat en dit aan Aharon, die priester en aan sy seuns gegee as 'n deel wat hulle vir ewig toekom vanaf die seuns van Yisra'el.”

- 35 Dit is die deel van die salwing van Aharon en die deel van die salwing van sy seuns vanuit die offers wat met vuur gebring word tot יְהוָה, op die dag toe Hy hulle laat naderkom het om יְהוָה as priesters te dien.
- 36 יְהוָה het beveel dat dit aan hulle gegee sal word, vanuit die seuns van Yisra'el, op die dag toe Hy hulle gesalf het, as 'n ewige instelling regdeur hulle geslagte.
- 37 Hierdie is die wet vir die offer van die brandoffer, die graanoffer, die sondoffer, die oortredingsoffer, die aanstellingsoffers en die vredesoffer,
- 38 wat יְהוָה vir Mosheh op die berg Sinai beveel het, op die dag toe Hy die seuns van Yisra'el in die wildernis van Sinai beveel het om hulle offers tot יְהוָה te offer.
- 8 (Eks 29) 1 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Wat vir Aharon, sy seuns saam met hom, die klere, die salfolie, 'n bul as die sondoffer, twee ramme en die mandjie met ongesuurde koeke
- 3 en maak die hele vergadering bymekaar by die ingang van die Tent van Ontmoeting.”
- 4 Mosheh het gedoen soos יְהוָה hom beveel het en toe die vergadering bymekaargekom het by die ingang van die Tent van Ontmoeting,
- 5 sê Mosheh vir die vergadering: “Dit is wat יְהוָה beveel het om gedoen te word.”
- 6 Mosheh het Aharon en sy seuns laat naderkom en hulle met water gewas.
- 7 Hy het vir hom die kleed aangetrek, hom met die gordel omgord en vir hom die bokleed aangetrek; hy het ook vir hom die skouerstuk aangetrek en hom omgord met die gewefde band van die skouerstuk en daarmee die skouerstuk aan hom vasgebind.
- 8 Hy het toe vir hom die borsplaat aangesit en die Urim en die Tumim in die borsplaat gesit.
- 9 Hy het ook die tulband op sy kop gesit en aan die tulband, aan die voorkant, die goue plaat, die afgesonderde kroon, gesit, soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 10 Mosheh het die salfolie gevat en die Tent van Ontmoeting en alles wat daarin was, gesalf en dit afgesonder.
- 11 Hy het sewe keer daarvan op die altaar gesprinkel, die altaar gesalf en al sy bybehore, met die kom en sy voetstuk, om dit af te sonder.
- 12 Hy het van die salfolie op die kop van Aharon gegooi en hom gesalf om hom af te sonder.
- 13 Mosheh het volgende die seuns van Aharon laat naderkom en vir hulle die klede aangetrek, hulle gegord met 'n gordel en vir hulle die tulbande omgebind soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 14 Hy het die bul van die sondoffer laat naderkom en Aharon en sy seuns het hulle hande op die kop van die bul van die sondoffer gelê.
- 15 Toe het Mosheh dit geslag en die bloed geneem en daarvan met sy vinger rondom aan die horings van die altaar gesmeer en die altaar gereinig. Hy het die orige bloed aan die onderkant van die altaar uitgegooi en dit afgesonder om toedekking daarvoor te doen.
- 16 Hy het al die vet wat aan die binnegoed was, die vetlap aan die lewer, die twee niere en hulle vet gevat en Mosheh het dit op die altaar geoffer en in rook laat opgaan,

- 17 maar die bul, sy vel, sy vleis en sy mis het hy buitekant die kamp met vuur verbrand, soos יהוה Moshah beveel het.
- 18 Hy het die ram as brandoffer gebring en Aharon en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gelê.
- 19 Moshah het dit geslag en die bloed rondom teen die altaar gesprinkel.
- 20 Hy het die ram in sy stukke verdeel en Moshah het die kop, die stukke en die vet geoffer en in rook laat opgaan.
- 21 Hy het die binnegoed en die pote met water gewas en Moshah het die hele ram op die altaar geoffer en in rook laat opgaan; dit was 'n brandoffer as aangename geur, 'n offer deur vuur tot יהוה, soos יהוה Moshah beveel het.
- 22 Toe het hy die tweede ram, die ram van toewyding, gebring en Aharon, met sy seuns, het hulle hande op die kop van die ram gelê.
- 23 Moshah het dit geslag en van die bloed gevat en dit aan die regteroorbel van Aharon, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet gesmeer.
- 24 Moshah het ook die seuns van Aharon laat naderkom en van die bloed aan hulle regteroorbel, aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet gesmeer en Moshah het die bloed rondom teen die altaar gesprinkel.
- 25 Hy het die vet gevat, die vetstert, al die vet wat aan die binnegoed was, die vetlap aan die lewer, die twee niere en hulle vet en die regterboud;
- 26 uit die mandjie met ongesuurde brode wat voor יהוה was, vat hy een ongesuurde koek, 'n broodkoek met olie gemeng en een platkoek en hy het dit op die stukke vet en op die regterboud neergesit
- 27 en dit alles in die hande van Aharon en die hande van sy seuns gesit en hy het dit as waaioffer voor יהוה gewaai.
- 28 Moshah het dit uit hulle hande geneem en dit op die altaar, bo-op die brandoffer, gebrand en in rook laat opgaan; 'n toewydingsoffer was dit, as aangename geur, 'n offer deur vuur tot יהוה.
- 29 Moshah het die bors gevat en dit as waaioffer voor יהוה gewaai. Dit was Moshah se deel van die toewydingsram, soos יהוה Moshah beveel het.
- 30 Moshah het ook van die salfolie en van die bloed wat aan die altaar was, gevat en dit op Aharon, op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns, gesprinkel. So het hy Aharon, sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns, afgesonder.
- 31 Moshah sê vir Aharon en sy seuns: "Kook die vleis by die ingang van die Tent van Ontmoeting en eet dit daar saam met die brood wat in die mandjie vir die toewydingsoffer is, soos ek beveel en voor gesê is: 'Aharon en sy seuns moet dit eet.'
- 32 Wat ook al van die vleis en die brood oorbly, moet julle met vuur verbrand.
- 33 Julle mag vir sewe dae lank nie by die ingang van die Tent van Ontmoeting uitgaan nie; vir die dae van julle toewyding om vervul te word. Vir sewe dae lank sal Hy julle hand bevestig.
- 34 Soos hy vandag gedoen het, het יהוה beveel om te doen, om vir julle toedekking te bring.

35 Julle moet daarom by die ingang van die Tent van Ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank; julle moet die opdragte van יהוה hou sodat julle nie sterf nie, want so is ek beveel.” ^{Lev 10:1,2}

36 So het Aharon en sy seuns alles gedoen wat יהוה deur die hand van Mosheh beveel het.

9 1 Dit het gebeur dat op die agtste dag Mosheh vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra'el geroep het

2 en vir Aharon gesê het: “Vat vir jouself 'n bulkalf as sondoffer en 'n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek en offer hulle voor יהוה.”

3 Praat dan met die seuns van Yisra'el en sê: “Vat 'n bokram as sondoffer en 'n kalf en 'n lam, altwee een jaar oud, sonder gebrek, as brandoffer,

4 asook 'n bul en 'n ram as vredesoffer, om voor יהוה te offer en 'n graanoffer met olie gemeng, want vandag sal יהוה aan julle verskyn.”

5 Hulle het wat Mosheh beveel het voor die Tent van Ontmoeting gebring en die hele vergadering het nadergekom en voor יהוה gaan staan.

6 Mosheh het gesê: “Hierdie is wat יהוה julle beveel het om te doen en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה sal aan julle verskyn.”

7 Mosheh het vir Aharon gesê: “Gaan na die altaar en offer jou sondoffer en jou brandoffer en doen toedekking vir jou en vir die volk. Offer dan die offers van die volk en doen toedekking vir hulle soos יהוה beveel het.”

8 Aharon het daarom na die altaar gegaan en die kalf vir die sondoffer geslag wat vir homself was.

9 Die seuns van Aharon het die bloed na hom toe gebring, hy het sy vinger in die bloed gestee en dit aan die horings van die altaar gesmeer en die bloed aan die onderkant van die altaar uitgegooi,

10 maar die vet, die niere en die vetlap aan die lewer van die sondoffer het hy op die altaar gebrand en in rook laat opgaan soos יהוה Mosheh beveel het.

11 Die vleis en die vel het hy buitekant die kamp met vuur verbrand.

12 Toe het hy die brandoffer geslag en die seuns van Aharon het vir hom die bloed aangegee wat hy rondom teen die altaar gesprinkel het.

13 Hulle het vir hom die brandoffer aangegee in stukke, met die kop en hy het dit op die altaar gebrand en in rook laat opgaan

14 en hy het die binnegoed en die pote gewas en dit op die brandoffer op die altaar gebrand en in rook laat opgaan.

15 Toe het hy die volk se offer geoffer; hy het die bok wat die sondoffer vir die volk was, geslag en dit geoffer vir sonde, soos die eerste een.

16 Hy het ook die brandoffer gebring en dit volgens voorskrif geoffer.

17 Volgende het hy die graanoffer gebring en 'n handvol daaruit gevat en dit op die altaar gebrand en in rook laat opgaan, langs die oggend se brandoffer.

18 Toe het hy ook die bul en die ram doodgemaak wat die offers vir die volk as vredesoffers was en die seuns van Aharon het vir hom die bloed aangegee, wat hy rondom, teen die altaar gesprinkel het

- 19 en die vet van die bul en van die ram: die vetstert, die netvet, die niere en die vetlap aan die lewer
- 20 en hulle het die vet op die borsstukke gesit en hy het die vet op die altaar gebrand en in rook laat opgaan.
- 21 Die borsstukke en die regterboud het Aharon as waaioffer voor יהוה gewaai soos Mosheh beveel het.
- 22 Aharon het sy hande na die volk toe uitgesteek, hulle geseën en afgeklim nadat hy die sondoffer, brandoffer en dankoffer geoffer het.
- 23 Mosheh en Aharon het in die Tent van Ontmoeting ingegaan en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het aan die hele volk verskyn
- 24 en vuur het voor יהוה uitgegaan en die brandoffer en die vet op die altaar verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle hard uitgeskreu van vreugde en op hulle gesigte neergeval.

- 10** 1 Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het elkeen sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer, wat Hy hulle nie beveel het nie.
- 2 Vuur het vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan en hulle verteer en hulle het gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 3 Mosheh sê vir Aharon: “Dit is hierdie ding wat יהוה van gepraat het deur te sê: ‘Deur dié wat naby My kom, sal Ek geëer word as Afgesonderd en voor die hele volk sal Ek verhoog en vereer word.’” Aharon het stilgebly.
- 4 Mosheh het Misha’el en Eltzafan, die seuns van ‘Uzi’el, die oom van Aharon, geroep en vir hulle gesê: “Kom nader, dra julle familie van voor die Afgesonderde plek af weg, na buitekant die kamp.”
- 5 Hulle het nader gegaan en hulle, steeds in hul klede, buitekant die kamp uitgedra, soos Mosheh beveel het.
- 6 Mosheh het vir Aharon en sy seuns, El’azar en Itamar, gesê: “Moenie die bedekking van julle koppe afhaal of skeure in julle klere maak nie sodat julle nie sterf en toorn teen die hele vergadering kom nie, maar laat julle broers, die hele huis van Yisra’el, die brand wat יהוה aangesteek het beween.
- 7 Julle mag selfs nie by die deur van die Tent van Ontmoeting uitgaan nie sodat julle nie sterf nie, want die salfolie van יהוה is op julle.” Hulle het gedoen volgens die woord van Mosheh.
- 8 יהוה het met Aharon gepraat en gesê:
- 9 “Moenie, wanneer julle in die Tent van Ontmoeting ingaan, wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou sodat julle nie sterf nie. Dit is ’n ewige instelling in julle geslagte, Yes 28:7; Yeg 44:21; Hos 4:9-11
- 10 om ’n onderskeid te maak tussen wat afgesonderd is en wat nie afgesonderd is nie; tussen wat onrein en wat rein is
- 11 en om die seuns van Yisra’el al die voorskrifte te leer wat יהוה deur die hand van Mosheh aan hulle verkondig het.”

- 12 Mosheh het met Aharon gepraat en met sy oorlewende seuns El'azar en Itamar:
 "Vat die graanoffer wat van die offers wat deur vuur gebring word tot יהוה oorgebly het en eet dit sonder suurdeeg langs die altaar, want dit is heeltemal afgesonderd.
- 13 Julle moet dit op 'n afgesonderde plek eet, want dit is jou en jou seuns se deel uit die offers wat met vuur gebring word tot יהוה; so is ek beveel.
- 14 Julle moet ook die bors van die waaioffer en die boud van die opligoffer op 'n rein plek eet, jy, jou seuns en jou dogters saam met jou, want dit is die deel wat jou en jou seuns toekom, gegee uit die vredesoffers van die seuns van Yisra'el.
- 15 Die boud van die opligoffer en die bors van die waaioffer moet hulle saam met die vet, wat as offers van vuur is, bring om as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה te waai en dit sal vir jou en jou seuns saam met jou, 'n deel wees volgens die ewige instelling, soos יהוה beveel het."
- 16 Mosheh het ernstig navraag gedoen na die sondofferbok en let op, dit is verbrand! Hy was baie kwaad vir El'azar en Itamar, die seuns van Aharon wat oorgebly het en het gesê:
- 17 "Waarom het julle die sondoffer nie op 'n afgesonderde plek geëet nie, aangesien dit heeltemal afgesonderd is? Hy het dit vir julle gegee om die skuld van die vergadering weg te vat, om toedekking vir hulle te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה."
- 18 Let op, die bloed daarvan is nie binne-in die Afgesonderde plek ingebring nie. Julle moes dit sekerlik in die Afgesonderde plek geëet het, soos ek beveel het."
- 19 Aharon sê vir Mosheh: "Let op, hulle het vandag hul sondoffer en hul brandoffer voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring en sulke dinge het my oorgekom; as ek vandag die sondoffer geëet het, sou dit aanvaarbaar gewees het in die oë van יהוה?"
- 20 Toe Mosheh dit hoor, was dit goed in sy oë.

11 יהוה het weer met Mosheh en Aharon gepraat en vir hulle gesê:

- 2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'Hierdie is die diere wat julle mag eet vanuit al die viervoetige diere wat op die aarde is.
- 3 Vanuit die diere: alles wat herkou en gesplete hoewe het, heeltemal gesplit; dit mag julle eet.
- 4 Nogtans mag julle die volgende nie eet van die wat herkou en van die wat gesplete hoewe het nie: die kameel is onrein vir julle, want hy herkou, maar het nie gesplete hoewe nie;
- 5 die dassie is onrein vir julle, want hy herkou, maar het nie gesplete pote nie;
- 6 die haas is onrein vir julle, want hy herkou, maar het nie gesplete pote nie;
- 7 ook die vark, want hy het gesplete hoewe, heeltemal gesplit, maar hy herkou nie en is onrein vir julle. Yes 65:4; Yes 66:17
- 8 Van hulle vleis mag julle nie eet nie en aan hulle karkasse nie raak nie; hulle is vir julle onrein.
- 9 Dit mag julle eet van alles wat in die waters is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die see en in die riviere, dit mag julle eet,

- 10 maar alles in die seë en in die riviere wat nie vinne en skubbe het nie, is verwerplik vir julle, van alles wat wemel in die water en van al die lewende wesens wat in die water is.
- 11 Hulle sal verwerplik vir julle wees; van hulle vleis mag julle nie eet nie en hulle karkasse moet vir julle verwerplik wees.
- 12 Alles in die water wat nie vinne en skubbe het nie, sal vir julle verwerplik wees.
- 13 Hierdie moet julle as verwerplik onder die voëls beskou; hulle mag nie geëet word nie; hulle is verwerplik: die arend, die aasvoël, die visarend,
- 14 die kuikendief en die valk volgens sy spesie;
- 15 elke kraai volgens sy spesie;
- 16 die volstruis, die uil, die seemeeu en die klein valk volgens sy spesie;
- 17 die klein-uil, die visvanger en die groot-uil;
- 18 die ibis, die pelikaan en die Mitzrayimitiese aasvoël;
- 19 die ooievaar, die reier volgens sy spesie, die hoep-hoep en die vlermuis.
- 20 Al die vlieënde insekte in swarms, wat op pote loop, is verwerplik vir julle.
- 21 Tog mag julle die volgende van al die vlieënde insekte in swarms, wat op pote loop, eet: wat bokant die pote, bene met ledemate het om daarmee op die grond te spring.
- 22 Die volgende mag julle eet: die treksprinkaan volgens sy spesie, die boomsprinkaan volgens sy spesie, die kriek volgens sy spesie en die voetganger volgens sy spesie,
- 23 maar al die ander vlieënde insekte in swarms, wat op pote loop, is verwerplik vir julle.
- 24 Deur hierdie diere word julle onrein, elkeen wat aan hulle karkasse raak, sal tot die aand toe onrein wees
- 25 en elkeen wat van hulle karkasse optel, moet sy klere was en sal tot die aand toe onrein wees,
- 26 die karkasse van al die diere wat gesplete hoewe het, wat nie heeltemal gesplit is nie en wat nie herkou nie, hulle is vir julle onrein; elkeen wat aan hulle raak, sal onrein wees.
- 27 Alles wat op pote loop, onder al die viervoetige diere, is onrein vir julle; elkeen wat aan hulle karkasse raak, sal tot die aand toe onrein wees.
- 28 Elkeen wat hulle karkasse dra, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe. Hulle is onrein vir julle.
- 29 Die volgende is vir julle onrein onder die wemelendes wat op die aarde wemel: die mol, die muis, die groot akkedis volgens sy spesies,
- 30 die geitjie, die krokodil, die salamander, die koggelmander en die verkleur-mannetjie.
- 31 Hulle is vir julle onrein onder al die wemelendes; elkeen wat aan hulle raak as hulle dood is, sal tot die aand toe onrein wees.
- 32 En alles waarop een van hulle val as hulle dood is, sal onrein wees, of dit 'n houtvoorwerp, kledingstuk, vel of sak is, elke ding waarmee werk gedoen word; dit moet in water gesit word en sal tot die aand toe onrein wees; dan sal dit rein wees.
- 33 Elke erdevoorwerp waarin een van hulle val, moet julle stukkend breek en alles wat daarin is, sal onrein wees;

- 34 enige kos daarin, wat geëet word, waarop water kom, sal onrein wees en enige drank, van watter soort ook, wat in so 'n voorwerp gedrink kan word, sal onrein wees.
- 35 Alles waar 'n deel van hulle karkasse op val, sal onrein wees; 'n bakoond of 'n stoof moet stukkend geslaan word; hulle is onrein en moet vir julle onrein wees.
- 36 Nogtans sal 'n fontein of 'n put, 'n opgaarplek van water, rein wees, maar hy wat aan die karkas daarin raak, sal onrein wees.
- 37 As enige deel van die karkas op enige saad wat gesaai word val, sal die saad rein wees,
- 38 maar as daar water op die saad gegooi is en enige deel van die karkas val daarop, dan sal dit vir julle onrein wees.
- 39 As enige van die diere wat vir julle kos is, doodgaan, sal hy wat aan die karkas raak, tot die aand toe onrein wees ^{Deut 14:21}
- 40 en hy wat van dié karkas eet, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe. Hy wat dié karkas dra, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe.
- 41 Al die wemelendes wat op die aarde wemel, is verwerplik, dit mag nie geëet word nie.
- 42 Alles wat op sy maag seil, alles wat op vier pote loop, alles wat baie pote het, al die wemelendes wat op die aarde wemel, mag julle nie eet nie, want hulle is verwerplik.
- 43 Moenie julleself verwerplik maak deur enige van die wat wemel nie: julle moet jul nie daardeur onrein maak sodat julle daardeur onrein word nie,
- 44 want Ek is יהוה, julle God. Julle moet julleself afsonder en wees afgesonderd, want Ek is Afgesonderd. ^{1 Kef 1:15,16} Moet julleself ook nie onrein maak deur enige ding wat op die aarde wemel nie,
- 45 want Ek is יהוה wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees omdat Ek afgesonderd is.
- 46 Dit is die wet aangaande die diere, die voëls, al die lewende wesens wat beweeg in die water en aangaande alles wat op die aarde wemel,
- 47 om te onderskei tussen wat onrein en rein is en tussen die diere wat geëet en die diere wat nie geëet mag word nie. ^{1 Yog 3:3; 2 Kor 6:17}

12 ¹ Verder het יהוה met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘As ’n vrou swanger word en geboorte gee aan ’n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees.
- 3 Op die agtste dag moet die vlees van sy voorhuid besny word. ^{Yog 7:22}
- 4 Sy bly dan drie en dertig dae onrein asof in die bloed van haar reiniging. Sy mag aan niks wat afgesonder is raak nie en sy mag nie in die afgesonderde plek kom totdat die dae van haar reiniging voltooi is nie,
- 5 maar as sy geboorte gee aan ’n dogter, sal sy twee weke onrein wees soos met haar menstruasie. Dan moet sy ses en sestig dae bly in die bloed van haar reiniging.
- 6 Wanneer die dae van haar reiniging in die geval van ’n seun of ’n dogter verby is, moet sy ’n jaaroud lam as brandoffer en ’n jong duif of tortelduif na die priester toe bring as sondoffer, na die ingang van die Tent van Ontmoeting

7 en hy moet dit offer voor die Teenwoordigheid van יהוה en vir haar toedekking doen, dan sal sy rein wees van die vloei van haar bloed. Dit is die wet vir haar wat geboorte gee aan 'n seun of 'n dogter.

8 As sy nie 'n lam kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee jong duiwe vat, een as brandoffer en een as sondoffer ^{Luk 2:24} en die priester moet vir haar toedekking doen; dan sal sy rein wees.”

13 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:

2 “As 'n mens op die vel van sy vlees 'n swelsel, vlokkes of helder vlek het en dit in die vel van sy vlees soos 'n melaatse seer word, moet hy na die priester Aharon of na een van sy seuns, die priesters, gebring word.

3 Die priester moet die aangetaste plek op die vel van die vlees ondersoek. As die hare op die plek wit geword het en die plek lyk dieper as die vel van sy vlees, dan is dit 'n melaatse seer en die priester moet hom ná die ondersoek onrein verklaar.

4 As die helder vlek op die vel van sy vlees is en dit nie dieper lyk as die vel nie en die hare daarvan nie wit geword het nie, moet die priester die aangetaste persoon sewe dae lank isoleer.

5 Die priester moet hom op die sewende dag ondersoek en let op as die seer dieselfde lyk soos dit was, die plek nie in die vel versprei het nie, dan moet die priester hom nog sewe dae lank isoleer.

6 Die priester moet hom weer op die sewende dag ondersoek en as hy sien dat die aangetaste plek dof van kleur geword en die plek in die vel nie versprei het nie, dan moet die priester hom rein verklaar. Dit is 'n uitslag; hy moet sy klere was en is rein,

7 maar as die uitslag enigins op die vel versprei nadat hy hom aan die priester gewys het vir sy reiniging, moet hy nog 'n keer deur die priester ondersoek word

8 en as die priester sien dat die uitslag op die vel versprei het, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid.

9 Wanneer melaatse sere op 'n mens is, moet hy na die priester gebring word

10 en die priester moet hom ondersoek en let op, as daar 'n wit swelsel in die vel is wat die hare wit gemaak het terwyl daar rou vlees in die swelsel is,

11 dan is dit 'n verouderde melaatsheid op die vel van sy vlees en die priester moet hom onrein verklaar. Hy moet hom nie isoleer nie, want hy is onrein.

12 As die melaatsheid oor sy hele vel uitbreek sodat die melaatsheid die hele vel van die aangetaste persoon van sy hoof tot sy voete oordek, so ver as wat die oë van die priester kan sien,

13 moet die priester dit ondersoek en as die melaatsheid sy hele vlees oordek het, dan moet hy die aangetaste persoon rein verklaar: hy het heeltemal wit geword, hy is rein,

14 maar die dag as rou vlees aan hom gesien word, sal hy onrein wees;

15 as die priester die rou vlees sien, moet hy hom onrein verklaar. Die rou vlees is onrein, dit is melaatsheid.

16 As die rou vlees weer weggaan en hy wit word, moet hy na die priester kom.

- 17 As die priester hom dan ondersoek en let op, die aangetaste plek het wit geword, dan moet die priester die seer rein verklaar; hy is rein.
- 18 As daar in die vlees, naamlik in die vel, 'n sweer is wat gesond geword het,
- 19 maar in die plek van die sweer 'n wit swelsel of 'n rooierige blink vlek kom, moet die priester daarna kyk.
- 20 As die priester dit sien en dit lyk dieper as die vel en die hare daarop het wit geword, dan moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n seer van melaatsheid wat in die sweer uitbreek het,
- 21 maar as die priester dit ondersoek en daar geen wit hare op is nie en dit nie dieper as die vel is nie en dof van kleur geword het, dan moet die priester hom sewe dae lank isoleer.
- 22 As dit oor die vel versprei, moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n plaag,
- 23 maar as die helder vlek bly waar dit is en nie versprei het nie, is dit die litteken van die sweer en die priester moet hom rein verklaar.
- 24 Of as in die vel van die vlees 'n brandplek is en die rou vlees van die brandplek 'n rooierige wit of blink vlek ontwikkel
- 25 dan moet die priester dit ondersoek en let op, as die hare op die blink vlek wit geword het en dit dieper lyk as die vel, dan is dit melaatsheid wat in die brandplek uitbreek het; daarom moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n melaatse seer,
- 26 maar as die priester dit ondersoek en let op, daar is geen wit hare op die helder vlek nie en dit is nie dieper as die vel nie en het dof van kleur geword, dan moet die priester hom sewe dae lank isoleer.
- 27 Op die sewende dag moet die priester hom ondersoek. As dit verder oor die vel versprei het, moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n melaatse seer,
- 28 maar as die helder vlek bly waar dit is, nie oor die vel versprei het nie en dof van kleur geword het, dan is dit die swelsel van die brandplek. Die priester moet hom rein verklaar, want dit is die litteken van die brandplek.
- 29 As 'n man of vrou 'n seer op die kop of in die baard het
- 30 en die priester die plek ondersoek en sien dat dit dieper lyk as die vel en daar dun geel hare op is, dan moet die priester hom onrein verklaar; dit is 'n skurf melaatsheid van die kop of van die baard,
- 31 maar as die priester die skurwe plek ondersoek en sien dat dit nie dieper as die vel is nie en daar geen swart hare op is nie, dan moet die priester die persoon met die skurwe plek sewe dae lank isoleer.
- 32 Op die sewende dag moet die priester die aangetaste plek ondersoek en as hy sien dat die skurwe plek nie versprei het nie en daar geen geel hare op is nie en die skurwe plek nie dieper lyk as die vel nie,
- 33 dan moet die persoon hom skeer, maar die skurwe plek moet hy nie skeer nie en die priester moet die skurwe persoon weer sewe dae lank isoleer.
- 34 Op die sewende dag moet die priester die skurwe plek ondersoek en as hy sien dat die skurwe plek nie oor die vel versprei het nie en dit nie dieper as die vel lyk nie, dan moet die priester hom rein verklaar. Hy moet sy klere was en sal rein wees,
- 35 maar as die skurwe plek oor die vel versprei nadat hy rein verklaar is,

- 36 moet die priester dit ondersoek en let op, as die skurwe plek oor die vel versprei het, dan hoef die priester nie na die geel hare te soek nie; hy is onrein,
- 37 maar as die skurwe plek lyk asof dit dieselfde gebly en donker hare daarop gegroei het, dan is die skurwe plek gesond. Hy is rein en die priester moet hom rein verklaar.
- 38 As 'n man of vrou in die vel van hulle vlees helder wit vlekke het
- 39 dan moet die priester kyk en, let op, as die vlekke dowwe wit vlekke in die vel van hulle vlees is, dan is dit gewone uitslag wat in die vel uitbreek het; hy is rein.
- 40 As 'n man se hare op sy kop uitval is hy bles; hy is rein.
- 41 As sy kop aan die voor- en sykant bles word, is hy bles, maar hy is rein.
- 42 As daar op die bles kop of voorkop 'n rooierige wit plek is, dan is dit melaatsheid wat uitbreek op die bles van sy kop of voorkop.
- 43 Die priester moet hom ondersoek en let op, as die swelsel van die seer op die bles van sy kop of voorkop rooierig wit is, wat lyk soos die melaatsheid van die vel van die vlees,
- 44 dan is hy 'n melaatse, hy is onrein. Die priester moet hom onrein verklaar; die plaag is op sy kop.
- 45 Die melaatse op wie die plaag is, moet sy klere skeur en sy kop ontbloot; hy moet ook sy snor bedek en uitroep: "Onrein, onrein!"
- 46 Hy is onrein. Al die tyd dat die plaag op hom is, sal hy onrein wees. Hy is onrein en moet alleen bly; sy blyplek moet buitekant die kamp wees.
- 47 As 'n kledingstuk 'n melaatse kol op het, 'n kledingstuk van wol of linne;
- 48 of in die skeedraad of die inslag van linne of wol, of in leer of enige leerwerk
- 49 en die kol in die kledingstuk of in die vel of in die skeedraad of die inslag of in enige leer voorwerp groenerig of rooierig is, dan is dit 'n melaatse kol en moet hulle dit vir die priester wys.
- 50 Die priester moet die kol ondersoek en dit wat die kol het sewe dae lank isoleer.
- 51 Op die sewende dag moet hy die kol ondersoek. As die kol versprei het in die kledingstuk of in die skeedraad of die inslag of in die leer, vir watter diens die leer ook al verwerk is, dan is die kol 'n aktiewe melaatsheid; dit is onrein;
- 52 daarom moet hy die kledingstuk of die skeedraad of die inslag van wol of van linne of enige leer voorwerp waarin die aangetaste plek is, verbrand, want dit is 'n aktiewe melaatsheid. Dit moet met vuur verbrand word.
- 53 As die priester die plek in die kledingstuk of in die skeedraad of die inslag of in enige leer voorwerp ondersoek en let op, dit het nie versprei nie,
- 54 dan moet die priester beveel dat hulle die voorwerp was waarop die plek is en hy moet dit nog 'n keer sewe dae lank isoleer.
- 55 Die priester moet die kol ondersoek nadat dit gewas is en as die kol nie sy kleur verander het nie, hoewel die plek nie versprei het nie, dan is dit onrein; jy moet dit met vuur verbrand. Dit hou aan om weg te vreet, aan die binne of buitekant.
- 56 As die priester dit ondersoek nadat dit gewas is en dit dof van kleur geword het, dan moet hy dit uit die kledingstuk of uit die vel of uit die skeedraad of die inslag, uitskeur.

- 57 As dit weer in die kledingstuk of in die skeedraad of die inslag of in enige leer voorwerp verskyn, dan moet jy die melaatse voorwerp met vuur verbrand.
- 58 As die kol uit die kledingstuk of die skeedraad of die inslag of enige leer voorwerp wat jy was, verdwyn het, moet dit nog 'n keer gewas word en dit sal rein wees.
- 59 Dit is die wet aangaande die plaag van melaatsheid in 'n kledingstuk van wol of linne of in die skeedraad of die inslag of in enige leer voorwerp, om dit rein of onrein te verklaar.”

14 ¹ וַיְהִי הֵת מִתּוֹ מֹשֶׁה גִּפְּרָא וְגִסָּה:

- 2 “Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging: hy moet na die priester gebring word
- 3 en die priester moet uit die kamp uitgaan. Die priester moet die melaatse ondersoek en let op, as die melaatsheid op die melaatse genees is,
- 4 moet die priester bevel gee dat hulle vir hom wat gereinig word, twee lewende, rein voëls, sederhout, skarlaken en hisop moet bring.
- 5 Die priester moet ook bevel gee dat hulle die een voël in 'n erdepot oor lopende water doodmaak.
- 6 Die lewende voël moet hy vat, sowel as die sederhout, die skarlaken en die hisop en dié en die lewendige voël insteek in die bloed van die voël wat oor die lopende water geslag is.
- 7 Hy moet sewe maal sprinkel op hom wat van die melaatsheid gereinig word en hom rein verklaar en die lewende voël moet hy in die oop veld loslaat.
- 8 Hy wat gereinig word, moet sy klere was, al sy hare afskeer en homself in water was dat hy rein mag wees. Daarna moet hy in die kamp inkom, maar hy moet sewe dae lank buitekant sy tent bly.
- 9 Op die sewende dag moet hy al sy hare afskeer, sy kop, sy baard en sy wenkbroue; al sy hare moet hy afskeer. Hy moet sy klere was en sy liggaam in water was en hy sal rein wees.
- 10 Op die agtste dag moet hy twee lammers sonder gebrek en een jaaroud oilam sonder gebrek vat en drie tiendes van 'n efa fyn meel met olie gemeng as graanoffer en een log olie.
- 11 Die priester, wat hom rein verklaar, moet die man, wat gereinig word en al die offers voor die Teenwoordigheid van יְהוָה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, aanbied.
- 12 Die priester moet een lam vat en dit offer saam met die log olie as oortredingsoffer en dit as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יְהוָה waai.
- 13 Hy moet die lam doodmaak op die plek waar hulle die sondoffer en die brandoffer doodmaak, in die Afgesonderde plek, want die oortredingsoffer, net soos die sondoffer, behoort aan die priester; dit is mees afgesonderd.
- 14 Die priester moet van die bloed van die oortredingsoffer vat en die priester moet dit aan hom wat gereinig word se regteroorbel, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet, smeer.
- 15 Die priester moet ook van die log olie vat en dit in sy eie linkerhand gooi.

- 16 Die priester moet sy regtervinger in die olie steek wat in sy linkerhand is en met sy vinger sewe maal van die olie voor die Teenwoordigheid van יהוה sprinkel.
- 17 Van die orige olie wat in sy hand is, moet die priester aan hom wat gereinig word se regteroorbel, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet smeer, oor die bloed van die oortredingsoffer.
- 18 Die res van die olie wat in die priester se hand is, moet hy op die kop, van hom wat gereinig word, gooi. So moet die priester vir hom toedekking doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 19 Die priester moet ook die sondoffer offer en vir hom wat gereinig word, toedekking doen, weens sy onreinheid; daarna moet hy die brandoffer slag.
- 20 Die priester moet die brandoffer en die graanoffer op die altaar offer. So moet die priester vir hom toedekking doen en hy sal rein wees.
- 21 As hy egter te arm is en dit nie kan bekostig nie, moet hy een lam as oortredingsoffer vat om gewaai te word, om vir hom toedekking te doen; saam met een tiende van 'n efa fyn meel met olie gemeng as graanoffer, 'n log olie
- 22 en twee tortelduiwe of twee jong duiwe soos wat hy kan bekostig. Die een sal 'n sondoffer wees en die ander 'n brandoffer.
- 23 Hy moet hulle dan op die agtste dag na die priester bring vir sy reiniging by die ingang van die Tent van Ontmoeting voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 24 Hy moet die oortredingsofferlam en die log olie vat en die priester moet dit as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waai.
- 25 Hy moet die oortredingsofferlam doodmaak en die priester moet van die bloed van die skuldoffer neem en dit aan die regteroorbel van hom wat gereinig word, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet smeer.
- 26 Die priester moet van die olie in sy eie linkerhand gooi.
- 27 Die priester moet met sy regtervinger van die olie wat in sy linkerhand is, sewe maal voor die Teenwoordigheid van יהוה sprinkel.
- 28 Die priester moet van die olie wat in sy hand is, aan die regteroorbel van hom wat gereinig word, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet smeer, op die plek van die bloed van die oortredingsoffer.
- 29 Die res van die olie wat in die priester se hand is, moet hy op die kop, van hom wat gereinig word, gooi, om toedekking vir hom te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 30 Hy moet een van die tortelduiwe of van die jong duiwe, soos wat hy kan bekostig, offer.
- 31 Die een as sondoffer en die ander as brandoffer, saam met die graanoffer. So moet die priester vir hom wat gereinig word, toedekking doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 32 Dit is die wet vir hom wat 'n plaag van melaatsheid gehad het, wat nie die gewone reiniging kan bekostig nie.”
- 33 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 34 “Wanneer julle in die land Kena'an inkom, wat Ek vir julle as besitting gee en Ek die plaag van melaatsheid in 'n huis van die land van julle besitting laat kom,

- 35 moet hy aan wie die huis behoort, kom en die priester inlig en sê: 'Dit lyk of daar 'n plaag in die huis is.'
- 36 Die priester moet bevel gee dat hulle die huis ontruim, voordat die priester die plaag kom ondersoek sodat alles wat in die huis is, nie onrein word nie; daarna moet die priester kom om die huis te ondersoek.
- 37 As hy die plaag ondersoek en sien dat die plaag aan die mure van die huis soos groenerige of rooierige merke is en hulle diep in die muur is,
- 38 dan moet die priester uit die huis uitgaan, na die deur van die huis en die huis sewe dae lank toesluit.
- 39 Op die sewende dag moet die priester weer kom en kyk en let op, as die plaag versprei het in die mure van die huis,
- 40 dan moet die priester bevel gee dat hulle die klippe uitbreek waaraan die plaag is en dit buitekant die stad op 'n onrein plek gooi
- 41 en die huis moet regdeur binnekant afgekrap word en die klei wat hulle afgekrap het, moet buitekant die stad op 'n onrein plek weggegooi word.
- 42 Hulle moet ander klippe vat en in die plek van daardie klippe sit en hulle moet ander pleister vat en die huis pleister.
- 43 As die plaag terugkom en weer in die huis uitbreek nadat hulle die klippe uitgebreek, die huis afgekrap en dit gepleister het,
- 44 moet die priester kom en kyk en let op, as hy sien dat die plaag in die huis versprei het, dan is dit 'n aktiewe melaatsheid in die huis; dit is onrein.
- 45 Hy moet die huis afbreek, sy klippe, sy hout en al die klei van die huis en hy moet dit uitdra, buitekant die stad, na 'n onrein plek.
- 46 Meer nog, hy wat in die huis kom, al die tyd dat hulle dit toegesluit hou, sal tot die aand toe onrein wees.
- 47 Hy wat in die huis gaan lê, moet sy klere was, asook hy wat in die huis eet, moet sy klere was.
- 48 As die priester in die huis kom, dit ondersoek en sien dat die plaag nie in die huis versprei het nadat die huis gepleister is nie, dan moet die priester die huis rein verklaar, want die plaag het gesond geword.
- 49 Hy moet, om die huis te reinig, twee voëls, sederhout, skarlaken en hisop vat
- 50 en die een voël in 'n erdepot oor lopende water doodmaak.
- 51 Hy moet die sederhout, die hisop, die skarlaken en die lewende voël vat en dit in die bloed van die dooie voël en in die lopende water insteek en hy moet die huis sewe maal besprinkel.
- 52 Hy moet die huis reinig met die bloed van die voël, sowel as met die lopende water, die lewende voël, die sederhout, die hisop en die skarlaken.
- 53 Hy moet die lewende voël buitekant die stad in die oop veld loslaat en so toedekking doen vir die huis en dit sal rein wees.
- 54 Dit is die wet oor elke plaag van melaatsheid en oor skurfheid,
- 55 oor melaatsheid van klere en huise
- 56 en oor swelsels, uitslag en helder vlekke,
- 57 om te leer wanneer iets onrein en wanneer iets rein is. Dit is die wet aangaande melaatsheid."

- 15** ¹ יְהוָה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As enige man ’n uitskeiding uit sy liggaam het, dan is dié uitskeiding onrein
- 3 en dit sal sy onreinheid deur die vloeiing wees: as sy vlees die uitskeiding laat loop of sy vlees raak verstop van die uitskeiding is dit ’n onreinheid in hom.
- 4 Elke bed waarop hy wat die uitskeiding het, lê, sal onrein wees en alles waarop hy sit, sal onrein wees.
- 5 Elkeen wat aan sy bed raak, moet sy klere was en bad in water en hy is onrein tot die aand toe.
- 6 Hy wat gaan sit op enige iets waarop hy gesit het wat die uitskeiding het, moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
- 7 Hy wat aan die liggaam raak van hom wat die vloeiing het, moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
- 8 As hy wat die uitskeiding het, op ’n reine spoeg, moet dié sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
- 9 Elke saal waarop hy wat die uitskeiding het, ry, sal onrein wees.
- 10 Elkeen wat aan iets raak wat onder hóm was, sal onrein wees tot die aand toe. Die een wat enige hiervan dra, moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
- 11 Elkeen aan wie hy, wat die uitskeiding het, raak sonder dat hy eers sy hande in water gewas het, dié een moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
- 12 Die erdegoed waar hy, wat die uitskeiding het, aan raak, moet stukkend gebreek word en al die voorwerpe van hout moet in water afgespoel word.
- 13 As hy, wat die uitskeiding het, van sy uitskeiding gereinig word, moet hy sewe dae tel ná sy reiniging, sy klere was en sy liggaam in lopende water was; dan sal hy rein wees.
- 14 Op die agtste dag moet hy vir hom twee tortelduiwe of twee jong duiwe vat en voor יְהוָה kom, by die ingang van die Tent van Ontmoeting en dit vir die priester gee.
- 15 Die priester moet hulle offer, die een as ’n sondoffer en die ander as ’n brandoffer; so moet die priester dan vir hom vanweë sy uitskeiding toedekking doen voor יְהוָה.
- 16 As daar saad van ’n man af uitgaan, moet hy sy hele liggaam in water was en hy sal onrein wees tot die aand toe.
- 17 Elke kledingstuk en elke veldeel waar die saad op kom, moet in water gewas word en dit bly onrein tot die aand toe.
- 18 As ’n man met ’n vrou gemeenskap het sodat daar saad afkom, moet albei in water was en hulle sal onrein wees tot die aand toe.
- 19 As ’n vrou ’n uitskeiding het en die uitskeiding uit haar liggaam bloed is, is sy sewe dae lank onrein en elkeen wat aan haar raak, sal onrein wees tot die aand toe.
- 20 Alles waarop sy tydens haar onreinheid lê, sal onrein wees en alles waarop sy sit, sal onrein wees.

- 21 Elkeen wat aan haar bed raak, moet sy klere was en in water bad en sal tot die aand toe onrein wees.
- 22 Elkeen wat raak aan enige voorwerp waarop sy sit, moet sy klere was en in water was en sal tot die aand toe onrein wees
- 23 en as daar iets op die bed is of op die voorwerp waarop sy sit, as hy aan dit raak, sal hy tot die aand toe onrein wees.
- 24 As 'n man met haar gemeenskap het sodat haar onreinheid op hom kom, sal hy sewe dae lank onrein wees en elke bed waarop hy lê, sal onrein wees. ^{Lev 18:19}
- 25 As 'n vrou vir baie dae 'n uitskeiding van bloed het, buiten die tyd van haar menstruasie, of as sy vloei verby die tyd van haar menstruasie, moet sy gedurende al die dae van haar vloeiing wees soos in die dae van haar menstruasie; sy is onrein.
- 26 Elke bed waarop sy gedurende al die dae van haar vloeiing lê, sal vir haar soos die bed van haar menstruasie wees en alles waarop sy sit, sal net so onrein wees soos die onreinheid van haar menstruasie.
- 27 Elkeen wat aan hierdie dinge raak, sal onrein wees: dié een moet sy klere was en in water was en sal tot die aand toe onrein wees,
- 28 maar as sy van haar uitskeiding rein geword het, moet sy sewe dae tel en daarna sal sy rein wees.
- 29 Op die agtste dag moet sy vir haar twee tortelduiwe of twee jong duiwe vat en dié by die ingang van die Tent van Ontmoeting na die priester bring.
- 30 Die priester moet die een as sondoffer en die ander as brandoffer offer en die priester moet vanweë haar onrein uitskeiding vir haar toedekking doen voor יְהוָה.
- 31 So moet julle dan die seuns van Yisra'el van hulle onreinheid afskei sodat hulle nie deur hulle onreinheid sterf deurdad hulle My tabernakel wat tussen hulle is, onrein maak nie.
- 32 Hierdie is die wet vir hom wat 'n uitskeiding het en vir hom wat 'n saaduitskeiding het sodat hy daardeur onrein word
- 33 en vir die vrou wat deur haar menstruasie onwel is en vir die een wat aan 'n uitskeiding ly, man of vrou en vir 'n man wat met 'n onrein vrou gemeenskap het.
- 16** ¹ יְהוָה het met Mosheh gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יְהוָה.
- ² יְהוָה het vir Mosheh gesê: “Praat met jou broer Aharon dat hy nie te eniger tyd moet inkom in die afgesonderde plek, binnekant die verdelingsgordyn, voor die Toedekking wat op die ark is nie sodat hy nie sterf nie, want Ek verskyn in die wolk bokant die Toedekking.
- 3 So moet Aharon in die Afgesonderde plek ingaan: met die bloed van 'n jong bul as sondoffer en van 'n ram as brandoffer.
- 4 Hy moet die afgesonderde linne kleed aantrek, die linne broek moet oor sy liggaam wees, met 'n linne gordel moet hy hom omgord en 'n linne tulband moet op sy kop wees. Dit is afgesonderde klere; daarom moet hy sy liggaam in water was en dit aantrek.
- 5 Van die vergadering van die seuns van Yisra'el moet hy twee bokramme as sondoffer en een ram as brandoffer vat.

- 6 Aharon moet die sondofferbul wat vir hom bedoel is, naderbring en vir hom en sy huis toedekking doen.
- 7 Hy moet ook die twee bokke vat en hulle voor יהוה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, aanbied.
- 8 Aharon moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir יהוה en een lot vir 'Az'azel (bok vir totale verwydering).
- 9 Aharon moet die bok waarop die lot vir יהוה gekom het naderbring en hom as sondoffer offer.
- 10 Die bok waarop die lot vir 'Az'azel gekom het, moet lewendig voor יהוה aangebied word, om daardeur toedekking te doen, deur hom, as die bok vir volledige verwydering, die wildernis in te stuur.
- 11 Aharon moet die sondofferbul wat vir hom bedoel is, laat naderkom en vir hom en sy huis toedekking doen: hy moet die bul as sondoffer doodmaak vir homself.
- 12 Hy moet 'n vuurpan vol brandende kole van die altaar voor יהוה vat, met sy twee hande vol fyn gestampte reukwerk van speserye en dit binnekant die verdelingsgordyn bring.
- 13 Hy moet die reukwerk op die vuur sit voor die Teenwoordigheid van יהוה sodat die wolk van die reukwerk die Toedekking wat op die Getuienis is, kan toemaak sodat hy nie sterf nie.
- 14 Hy moet van die bloed van die bul vat en dit met sy vinger op die Toedekking aan die oostekant sprinkel en voor die Toedekking moet hy sewe maal met sy vinger van die bloed sprinkel.
- 15 Hy moet die bok van die sondoffer doodmaak wat vir die volk bedoel is en sy bloed binnekant die verdelingsgordyn bring en met sy bloed doen soos hy met die bloed van die bul gedoen het: hy moet dit sprinkel op die Toedekking en voor die Toedekking.
- 16 So moet hy vir die Afgesonderde plek toedekking doen vanweë die onreinheid van die seuns van Yisra'el en vanweë hulle oortredinge, vir al hulle sondes en so moet hy dit ook doen vir die Tent van Ontmoeting wat tussen hulle onreinheid bly.
- 17 Niemand mag in die Tent van Ontmoeting wees as hy ingaan om in die Afgesonderde plek toedekking te doen totdat hy uitkom, nie. Hy moet toedekking doen vir homself, vir sy huis en vir die hele vergadering van Yisra'el.
- 18 Hy moet na die altaar uitgaan wat voor יהוה is en daarvoor toedekking doen: hy moet van die bloed van die bul en van die bloed van die bok vat en dit rondom aan die horings van die altaar smeer
- 19 en met sy vinger van die bloed sewe maal daarop sprinkel en dit reinig en afsonder van die onreinheid van die seuns van Yisra'el.
- 20 Wanneer hy die toedekking van die Afgesonderde plek, die Tent van Ontmoeting en die altaar voltooi het, moet hy die lewendige bok laat naderkom
- 21 en Aharon moet sy twee hande op die kop van die lewende bok lê en oor hom belydenis doen van al die skuld van die seuns van Yisra'el, al hulle wetsoortredinge, al hulle sondes en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur die hand van 'n man wat daar gereed staan, in die wildernis instuur

- 22 en hy moet die bok in die wildernis vrylaat. Die bok sal al hulle skuld na 'n eensame land wegdra.
- 23 Aharon moet inkom in die Tent van Ontmoeting en die linne klere uittrek wat hy aangetrek het toe hy in die Afgesonderde plek ingegaan het en dit daar los.
- 24 Hy moet sy liggaam op 'n afgesonderde plek in water was, sy klere aantrek en uitgaan en sy brandoffer en die brandoffer van die volk offer, om vir hom en vir die volk toedekking te doen.
- 25 Hy moet ook die vet van die sondoffer op die altaar brand en in rook laat opgaan.
- 26 Hy wat die bok vir volkome verwydering losgelaat het, moet sy klere was en sy liggaam in water was en daarna in die kamp inkom.
- 27 Die bul van die sondoffer en die bok van die sondoffer, waarvan die bloed ingebring is om toedekking te doen in die Afgesonderde plek, moet hulle uit die kamp uitdra en hulle velle, hulle vleis en hulle mis moet met vuur verbrand word.
- 28 Hy wat dit verbrand, moet sy klere was en sy liggaam in water was en daarna mag hy in die kamp inkom.
- 29 Hierdie sal 'n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek,
- 30 want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees.
- 31 Dit moet 'n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is 'n ewige instelling.
- 32 Die priester wat gesalf is en wie se hand bevestig is om in die plek van sy vader as priester te dien, moet toedekking doen en hy moet die linne klere, die afgesonderde klere, aantrek
- 33 en toedekking doen vir die Mees Afgesonderde plek; toedekking doen vir die Tent van Ontmoeting en die altaar en toedekking doen vir die priesters en vir al die mense van die vergadering.
- 34 Dit moet vir julle 'n ewige instelling wees om vir die seuns van Yisra'el, weens al hulle sondes, een maal per jaar toedekking te doen." Hy het gedoen soos יהוה Mosheh beveel het.

17 יהוה¹ het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 "Praat met Aharon, sy seuns en met al die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Hierdie is wat יהוה beveel het:
- 3 Elke man uit die huis van Yisra'el wat 'n bees, 'n lam of 'n bok in die kamp doodmaak of dit buitekant die kamp doodmaak Deut 12:20-26; Deut 15:19-23
- 4 en dit nie bring na die ingang van die Tent van Ontmoeting om aan יהוה 'n offer voor die tent van יהוה te bring nie, dié man sal aan bloed skuldig wees. Hy het bloed vergiet en dié man moet afgesny word uit sy volk
- 5 sodat die seuns van Yisra'el hulle offers wat hulle in die oop veld geoffer het, aan יהוה by die ingang van die Tent van Ontmoeting, na die priester kan bring en dit as vredesoffers tot יהוה kan offer.

- 6 Die priester moet die bloed teen die altaar van יְהוָה by die ingang van die Tent van Ontmoeting sprinkel en die vet brand en in rook laat opgaan as 'n aangename geur tot יְהוָה.
- 7 Hulle mag nie langer hulle offers aan die bokdemone offer, agter wie hulle aan hoereer nie. Hierdie moet vir hulle 'n ewige instelling wees regdeur hulle geslagte.'
- 8 Jy moet ook vir hulle sê: 'Elke man vanuit die huis van Yisra'el en vanuit die besoeker wat tussen julle bly, wat 'n brandoffer of 'n offer bring
- 9 en dit nie na die ingang van die Tent van Ontmoeting bring om dit tot יְהוָה te offer nie, dié man moet vanuit sy volksgenote afgesny word.
- 10 Elke man vanuit die huis van Yisra'el en vanuit die besoekers wat tussen julle bly, wat enige bloed eet; teen dié een wat bloed eet, sal Ek my gesig draai en hom afsny van onder sy volk uit,
- 11 want die lewe van die vlees is in die bloed en Ek het dit vir julle op die altaar gegee om vir julle toedekking te doen, want dit is die bloed wat toedekking doen vir die lewe;
- 12 daarom het Ek vir die seuns van Yisra'el gesê: "Niemand van julle mag bloed eet nie en ook die besoeker wat tussen julle bly, mag geen bloed eet nie."
- 13 Elke man vanuit die seuns van Yisra'el en vanuit die besoekers wat tussen julle bly, wat jag en wild of 'n voël vang wat geëet mag word, moet die bloed daarvan laat uitloop en dit met grond toemaak,
- 14 want dit is die lewe van alle vlees. Sy bloed is sy lewe; daarom het Ek vir die seuns van Yisra'el gesê: "Julle mag nie die bloed van enige vlees eet nie, want die lewe van alle vlees is in sy bloed. Wie dit ook al eet, moet afgesny word." ^{Gen 9:4}
- 15 Elke persoon, of hy 'n kind van die land is of 'n besoeker, wat eet van iets wat natuurlik dood is of van iets wat verskeur is, moet sy klere was en in water bad en is onrein tot die aand toe. ^{Lev 11:40} Dan sal hy rein wees,
- 16 maar as hy dit nie was nie en sy liggaam nie bad nie, moet hy sy skuld dra.'"

18 ¹ יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Ek is יְהוָה julle God.
- 3 Julle mag nie doen volgens die dade van die land van Mitzrayim waarin julle gewoon het nie en julle mag nie doen volgens die werke van die land Kena'an waarheen Ek julle bring nie en julle mag nie volgens hulle reëls leef nie.
- 4 My regverdige oordele moet julle doen en My reëls nakom om daarin te leef. Ek is יְהוָה, julle God.
- 5 Jy moet daarom My regverdige oordele en My reëls nakom wat, as die mens dit doen, hy daardeur sal lewe. Ek is יְהוָה. ^{Rom 10:5; Gal 3:12}
- 6 Niemand van julle mag naby sy bloedfamilie se vlees kom om die skaamte te ontbloot nie. Ek is יְהוָה.
- 7 Jy mag die skaamte van jou vader ^{Gen 9:22,23} en die skaamte van jou moeder nie ontbloot nie: sy is jou moeder, jy mag haar naaktheid nie ontbloot nie.
- 8 Jy mag die naaktheid van die vrou van jou vader nie ontbloot nie; dit is die naaktheid van jou vader. ^{Lev 20:11; Deut 23:1}

- 9 Die naaktheid van jou suster, die dogter van jou vader of die dogter van jou moeder, of sy in die huis of buitekant gebore is, haar naaktheid mag jy nie ontbloot nie.
- 10 Die naaktheid van jou seun se dogter of van jou dogter se dogter mag jy nie ontbloot nie, want hulle is jou eie naaktheid.
- 11 Die naaktheid van die dogter van jou vader se vrou, wat deur jou vader verwek is, sy is jou suster, haar naaktheid mag jy nie ontbloot nie.
- 12 Jy mag die naaktheid van jou vader se suster nie ontbloot nie; sy is dieselfde as jou vader.
- 13 Jy mag die naaktheid van jou moeder se suster nie ontbloot nie, want sy is dieselfde as jou moeder.
- 14 Jy mag die naaktheid van jou vader se broer nie ontbloot nie: jy mag nie naby sy vrou kom nie; sy is jou tante.
- 15 Jy mag die naaktheid van jou skoondogter nie ontbloot nie; sy is jou seun se vrou: jy mag haar naaktheid nie ontbloot nie.
- 16 Jy mag die naaktheid van jou broer se vrou nie ontbloot nie; dit is die naaktheid van jou broer.
- 17 Jy mag die naaktheid van 'n vrou en haar dogter nie ontbloot nie; haar seun se dogter en haar dogter se dogter mag jy nie neem om haar naaktheid te ontbloot nie. Hulle is dieselfde. Dit is boosheid.
- 18 Jy mag ook nie 'n vrou en haar suster vat, om haar te tart, om haar naaktheid te ontbloot terwyl die ander een nog lewe nie.
- 19 Jy mag ook nie naby 'n vrou kom terwyl sy onrein is deur haar menstruasie, om haar naaktheid te ontbloot nie. Lev 15:24; 20:18
- 20 Meer nog, jy mag geen vleeslike gemeenskap met jou naaste se vrou hê om jou met haar onrein te maak nie.
- 21 Jy mag geen van jou kinders gee om in vuur aan Molekh geoffer te word en die Naam (Karakter en Outoriteit) van jou God te onteer nie. Ek is יהוה. Lev 20:2-5
- 22 Jy mag nie lê by 'n manspersoon soos by 'n vrou nie. Lev 20:13; Rom 1:26; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10
Dit is verwerplik.
- 23 Jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur onrein te maak nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee gemeenskap te hê nie. Dit is 'n gruwelikheid.
- 24 Moenie julleself deur al hierdie dinge onrein maak nie, want deur al hierdie dinge is die ander nasies onrein, wat Ek voor julle uit verdryf,
- 25 want die land het onrein geword en Ek besoek sy boosheid oor dit sodat die land sy inwoners uitspoeg.
- 26 Julle moet daarom My regverdige oordele en My reëls onderhou en niks van al hierdie booshede doen nie; beide die kind van die land en die besoeker wat tussen julle bly,
- 27 want die mense van die land, wat voor julle was, het al hierdie booshede gedoen en die land het onrein geword.
- 28 Laat die land julle dan nie uitspoeg as julle dit onrein maak, soos dit die nasie uitgespoeg het wat voor julle daar was nie,

29 want wie ook al enige een van hierdie booshede doen, die persone wat dit doen, moet afgesny word vanuit hulle volk uit.

30 Julle moet daarom My opdrag uitvoer, om niks te doen van die verwerplike gewoontes wat voor julle gedoen is nie en dat julle jul nie daardeur onrein maak nie. Ek is יהוה, julle God.’ “

19 ¹ יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Praat met die hele vergadering van die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd. ^{1 Kef 1:15,16}

3 Elkeen moet sy moeder en sy vader respektvol vrees en My Shabbatte hou. Ek is יהוה, julle Magtige God. ^{Eks 20:12}

4 Moenie na die afgode toe draai nie en maak vir julle geen gegote gode nie. Ek is יהוה, julle Magtige God.

5 As julle ’n vredesoffer aan יהוה offer, moet julle dit so offer dat julle aanvaar sal word.

6 Op die dag as julle dit offer en die dag daarna, moet dit geëet word, maar wat tot die derde dag toe oorbly, moet met vuur verbrand word.

7 As dit op die derde dag geëet word, is dit ’n oortreding; dit sal nie aanvaar word nie.

8 Elkeen wat dit eet, sal daarom sy skuld dra, want hy het, wat afgesonder is aan יהוה, onrein gemaak en dié persoon moet uit sy volksgenote afgesny word.

9 Wanneer julle die opbrengs van julle land oes, moet julle die rante van die land nie heeltemal af oes en die are wat val, nie bymekaarmaak nie.

10 Jy moet ook nie jou wingerd skoon af oes en die trossies wat van jou wingerd val, nie bymekaarmaak nie. Jy moet dit vir die armes en die besoekers laat oorbly. Ek is יהוה, julle God.

11 Julle mag nie steel nie, julle mag nie vals handel of vir mekaar lieg nie.

12 Julle mag nie valslik by My Naam (Karakter en Outoriteit) sweer en so die Naam (Karakter en Outoriteit) van jou God onrein maak nie. Ek is יהוה.

13 Jy mag jou naaste nie affers of beroof nie. Die huurling se loon mag nie by jou bly tot die oggend toe nie. ^{Ya’a 5:4}

14 Jy mag ’n dowe nie vloek nie en voor die blinde geen struikelblok lê nie, ^{Rom 14:12,13} maar jy moet jou God respektvol vrees. Ek is יהוה.

15 Julle mag geen onregverdigheid doen in die oordele nie. Jy mag nie partydig wees vir die armes nie en die magtige nie eer nie. Met onpartydige opregtheid moet jy oor jou naaste oordeel.

16 Jy mag nie as ’n storiedraer onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is יהוה.

17 Jy mag nie jou broer in jou verstand, wil en emosie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe sodat jy nie om sy ontwil sonde op jou laai nie.

18 Jy mag nie wraak neem of ’n wrok koester teenoor die seuns van jou volk nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. ^{Mat 19:19; 22:39; Mar 12:31; Luk 10:27; Ya’a 2:8} Ek is יהוה.

19 Julle moet My reëls hou. Jy mag nie jou vee met ’n ander soort kruisteel nie. Jy mag nie gemengde saad in jou akker saai nie en ’n bo-kleed van saamgeweeftde wol en linne, mag nie op jou kom nie.

- 20 En as 'n man seksuele gemeenskap het met 'n vrou wat as slavin aan 'n ander man beloof is, sonder dat sy ooit losgekoop is of vryheid aan haar gegee is, dan moet daar straf wees, maar hulle mag nie gedood word nie, want sy was nie vry nie.
- 21 Hy moet sy oortredingsoffer aan יהוה bring by die ingang van die Tent van Ontmoeting; 'n ram as oortredingsoffer.
- 22 Die priester moet met die ram van die oortredingsoffer vir hom toedekking doen voor יהוה weens die sonde wat hy gedoen het en die sonde wat hy gedoen het, sal hom vergewe wees.
- 23 Wanneer julle in die land inkom en allerhande vrugtebome vir kos geplant het, moet julle hulle vrugte as verbode beskou; drie jaar lank moet hulle vir julle verbode wees. Dit mag nie geëet word nie,
- 24 maar in die vierde jaar is al hulle vrugte afgesonderd; 'n offer van lofprysing tot יהוה.
- 25 In die vyfde jaar mag julle hulle vrugte eet sodat hulle opbrengs vermeerder sal word aan julle. Ek is יהוה, julle God.
- 26 Julle mag niks, met sy bloed eet nie en julle mag nie toordery of toekomsvoorspellings doen nie.
- 27 Julle mag die rand van julle kophare nie rond afskeer nie en ook nie die rand van julle baarde skend nie. ^{Lev 21:5}
- 28 Julle mag geen snye in julle vlees maak ter wille van 'n lewende wese nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. ^{Deut 14:1,2} Ek is יהוה.
- 29 Moenie jou dogter onrein maak deur haar toe te laat in hoerery nie sodat die land nie in prostitusie verval en die land vol boosheid word nie.
- 30 Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde plek respekteer. Ek is יהוה.
- 31 Julle sal nie na mediums draai en fortuinvertellers opsoek om deur hulle onrein gemaak te word nie. Ek is יהוה, julle God.
- 32 Jy moet opstaan voor dié met grys hare en die teenwoordigheid van 'n ou man eer en jy moet jou God respekvol vrees. Ek is יהוה. ^{1 Tim 5:1}
- 33 Wanneer 'n vreemdeling by jou in jou land bly, mag julle hom nie benadeel nie.
- 34 Die vreemdeling wat by julle besoek, moet vir julle wees soos een wat onder julle gebore is en jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in die land van Mitzrayim. Ek is יהוה, julle God.
- 35 Julle mag geen onregverdigheid doen in bepalings, in mate van gewig of inhoudsmaat nie. ^{Spr 20:10,23}
- 36 Julle moet 'n korrekte weegskaal hê, korrekte weegstene, 'n korrekte efa en 'n korrekte hin. Ek is יהוה, julle God, wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het;
- 37 daarom moet julle al My reëls en al My regverdige oordele hou en dit doen. Ek is יהוה."

20 ¹ יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 "Jy moet ook vir die seuns van Yisra'el sê: 'Enige een uit die seuns van Yisra'el of uit die vreemdelinge wat in Yisra'el besoek, wat enige van sy kinders aan Molekh gee, moet tereggestel word tot die dood. Die volk van die land moet hom met klippe stenig.

- 3 Ek sal My gesig teen dié man draai en sal hom afsny onder sy volk uit, want hy het van sy kinders aan Molekh gegee om My Afgesonderde plek onrein te maak en My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) te oonteer. ^{2 Kon 21:6; 23:10}
- 4 As die volk van die land hulle oë toemaak om dit weg te steek wanneer dié man van sy kinders aan Molekh gee en hom nie doodmaak nie,
- 5 dan sal Ek My gesig draai teen dié man en sy familie en Ek sal hom en almal wat agter hom aan hoereer om agter Molekh aan te hoereer, afsny uit hulle volk uit.
- 6 As 'n persoon hom draai na bekende geeste en towenaars om agter hulle aan te hoereer, sal Ek My aangesig teen dié persoon draai en hom afsny uit sy volk uit.
- 7 Sonder julleself af en wees afgesonderd, ^{1 Kef 1:15,16} want Ek is יהוה, julle God.
- 8 Hou My reëls en doen dit. Ek is יהוה, wat julle afsonder.
- 9 Elkeen wat sy vader of moeder vloek, moet tereggestel word tot die dood. Hy het sy vader of sy moeder gevloek. Sy bloed sal op homself wees. ^{Mar 7:10}
- 10 As iemand owerspel pleeg met 'n ander man se vrou, owerspel pleeg met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel pleeg, tereggestel word tot die dood. ^{Yog 8:5}
- 11 Die man wat by sy vader se vrou lê, het die naaktheid van sy vader ontbloot. Hulle altwee moet tereggestel word tot die dood. ^{Lev 18:8; Deut 23:1} Hulle bloed sal op hulleself wees.
- 12 As 'n man by sy skoondogter lê, moet hulle altwee tereggestel word tot die dood. Hulle het 'n boosheid gedoen. Hulle bloed sal op hulleself wees.
- 13 As 'n man by 'n manspersoon lê soos 'n mens met 'n vrou doen, het hulle albei 'n verwerplike daad gedoen. Hulle moet tereggestel word tot die dood. Hulle bloed sal op hulleself wees. ^{Lev 18:22,23; Rom 1:26; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10}
- 14 As 'n man met 'n vrou en haar moeder trou, is dit boosheid; hulle moet hom en dié twee saam, met vuur verbrand sodat daar geen boosheid onder julle is nie.
- 15 As 'n man vleeslike gemeenskap het met 'n dier, moet hy tereggestel word tot die dood en die dier moet julle doodmaak.
- 16 As 'n vrou naby enige dier kom om daarmee gemeenskap te hê, moet jy die vrou en die dier doodmaak. Hulle moet tereggestel word tot die dood. Hulle bloed sal op hulleself wees.
- 17 As 'n man sy suster vat, sy vader se dogter of sy moeder se dogter en hy haar naaktheid sien en sy, sy naaktheid sien, is dit 'n skande. Hulle moet afgesny wees in die oë van die seuns van hulle volk. Hy het die naaktheid van sy suster ontbloot; hy sal sy skuld dra. ^{2 Sh'm 13:1-20, 26-29,32}
- 18 As 'n man met 'n vrou gemeenskap het wanneer sy menstrueer en haar naaktheid ontbloot, het hy haar bron ontbloot en sy het die bron van haar bloed oopgemaak, hulle moet altwee afgesny word uit hulle volk uit.
- 19 Jy mag ook nie die naaktheid van jou moeder se suster en van jou vader se suster ontbloot nie, want hy het sy bloedfamilie ontbloot; hulle sal hul skuld dra.
- 20 As 'n man by sy oom se vrou lê, het hy die naaktheid van sy oom ontbloot. Hulle sal hul sonde dra. Hulle sal sonder kinders sterf.
- 21 As 'n man sy broer se vrou vat, is dit 'n onrein ding. Hy het die naaktheid van sy broer ontbloot. Hulle sal sonder kinders wees. ^{Mar 6:17,18}

- 22 Bewaar al My reëls en al My regverdige oordele en doen dit sodat die land waarheen Ek julle bring om daarin te bly, julle nie uitspoeg nie.
- 23 Julle mag nie leef volgens die gewoontes van die nasies wat Ek voor julle uit verdryf nie, want hulle het al hierdie dinge gedoen en daarom verafsku Ek hulle.
- 24 Ek het vir julle gesê: 'Julle sal hulle land bewoon en Ék sal dit aan julle as besitting gee, 'n land wat vloei van melk en heuning. Ek is יהוה, julle God, wat julle van die volke afgesonder het;
- 25 daarom moet julle 'n onderskeid tref tussen die rein en onrein diere en tussen die onrein en rein voëls; moenie julle lewens verwerplik maak deur diere of deur voëls of deur enige iets wat op die aarde beweeg, wat Ek van julle afgesonder het deur dit onrein te verklaar, nie.
- 26 Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees. ^{1 Kef 1:15-16}
- 27 'n Man of vrou wat 'n medium of 'n fortuinverteller is, moet tereggestel word tot die dood. Hulle moet met klippe gestenig word. Hulle skuld vir bloedvergiëting sal op hulle wees.'"
- 21** ¹ יהוה het vir Moshè gesê: "Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle: 'Niemand moet hom vir 'n dooie onder sy volksgenote onrein maak nie; 2 behalwe vir sy naby familie: vir sy moeder, sy vader, sy seun, sy dogter en sy broer; 3 asook vir sy suster wat 'n maagd is, naby aan hom, wat nie aan 'n man behoort het nie, vir haar mag hy hom onrein maak. 4 Hy sal hom ook nie onrein maak vir aangetroude familie onder sy volk en homself so onteer nie. 5 Hulle mag geen bles deel op hul koppe maak nie, die rand van hulle baard nie weg skeer en geen snye maak in hulle vlees nie. ^{Lev 19:27, 28} 6 Hulle moet afgesonderd wees tot hulle God en die Naam (Karakter en Outoriteit) van hulle God nie onteer nie, want hulle offer die offers van יהוה met vuur en die brood van hulle God; daarom moet hulle afgesonder wees. 7 Hulle mag met geen vrou trou wat hoereer of 'n onteerde is of 'n vrou wat deur haar man verstoot is nie, want hy is afgesonder tot sy God; hy mag nie met hulle trou nie. 8 Jy moet hom daarom afsonder omdat hy die brood van jou God offer. Hy moet vir jou afgesonder wees, want Ek, יהוה, is Afgesonder, ^{Lev 11:44,45; 19:2; 20:7,26; 1 Kef 1:16} wat julle afsonder. 9 As die dogter van 'n priester haarself onteer deur te hoereer, onteer sy haar vader. Sy moet met vuur verbrand word. 10 Die hoofpriester onder sy broers, op wie se kop die salfolie uitgegooi is en wat afgesonder is om die klere aan te trek, mag sy kop nie ontbloot en sy klere nie skeur nie 11 en hy mag naby geen dooie kom nie en hom selfs nie vir sy vader en moeder onrein maak nie;

- 12 hy mag ook nie uit die Afgesonderde Plek uitgaan nie sodat hy die Afgesonderde Plek van sy God nie onteer nie, want die toewyding van die salfolie van sy God is op hom. Ek is יהוה.
- 13 Hy moet 'n vrou vat wat 'n maagd is.
- 14 'n Weduwee, een wat verstoot is, 'n onteerde of 'n hoer, moet hy nie vat nie, maar 'n maagd uit sy eie volk, moet hy as vrou vat
- 15 sodat hy nie sy saad onder sy volksgenote onteer nie, want Ek is יהוה, wat hom afsonder.”
- 16 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 17 “Praat met Aharon en sê: ‘Niemand uit jou nageslag, in hulle geslagte, aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag naderkom om die kos van sy God te offer nie,
- 18 want niemand met 'n liggaamsgebrek, mag naderkom nie: 'n man wat blind of lam of vermink of misvorm is,
- 19 of 'n man wat 'n gebreklige voet of hand het,
- 20 of wat 'n boggel het of 'n dwerg of wat 'n vlek in sy oog het of skurfte of uitslag het of verguisde skaamdele het.
- 21 Geen man uit die nageslag van Aharon, die priester, aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag naderkom om die offers deur vuur tot יהוה te offer nie. 'n Liggaamsgebrek is aan hom; hy mag nie nader kom om die kos van sy God te offer nie.
- 22 Hy mag van die kos van sy Magtige God eet, beide die mees afgesonderde en die afgesonderde,
- 23 maar hy mag nie ingaan na die verdelingsgordyn of naderkom aan die altaar nie omdat daar 'n liggaamsgebrek aan hom is sodat hy My Afgesonderde Plek nie onteer nie, want Ek is יהוה, wat hulle afsonder.’ “
- 24 So het Mosheh gepraat met Aharon en sy seuns en met al die seuns van Yisra'el.

22 יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 “Praat met Aharon en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die afgesonderde gawes van die seuns van Yisra'el wat hulle tot My afsonder sodat hulle My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie onteer nie. Ek is יהוה.
- 3 Sê vir hulle: ‘Enigee van jou nageslag, in julle geslagte, wat naderkom na die afgesonderde gawes, wat die seuns van Yisra'el aan יהוה afsonder terwyl hy onrein is, dié persoon moet afgesny word van voor My Teenwoordigheid. Ek is יהוה.
- 4 Niemand uit die nageslag van Aharon wat melaats is of 'n uitskeiding het, mag van die afgesonderde gawes eet voordat hy nie rein is nie. Hy wat aan iemand raak wat deur 'n lyk onrein is, of van wie 'n saadvloeiing uitgaan,
- 5 of iemand wat aan enige kruipende dier raak, waardeur hy onrein word, of aan 'n mens, deur wie hy onrein word, as gevolg van watter onreinheid ook al,
- 6 die persoon wat aan so iets raak, sal tot die aand toe onrein wees en hy mag nie van die afgesonderde gawes eet, tensy hy sy liggaam in water gewas het nie.
- 7 Wanneer die son onder is, sal hy rein wees en daarna kan hy van die afgesonderde gawes eet, want dit is sy kos.
- 8 Iets wat natuurlik dood is of verskeur is, mag hy nie eet sodat hy daardeur nie onrein word nie. Ek is יהוה.

- 9 Hulle moet My voorskrifte bewaar sodat hulle daardeur geen sonde op hulle laai wanneer hulle dit oenteer en daardeur sterf nie. Ek, יהוה, sonder hulle af.
- 10 Geen vreemdeling mag van wat afgesonder is eet nie. 'n Besoeker van 'n priester of 'n huurling mag nie eet wat afgesonder is nie,
- 11 maar as 'n priester iemand met sy geld koop, mag dié daarvan eet en die wat in sy huis gebore is; hulle mag van sy kos eet.
- 12 As die dogter van 'n priester met 'n vreemdeling getroud is, mag sy nie van die gawes van die afgesonderde dinge eet nie,
- 13 maar as die dogter van 'n priester 'n weduwee is of verstoot word en sy kinderloos is en in die huis van haar vader terugkom, soos in haar jeug, dan mag sy van die kos van haar vader eet, maar geen vreemdeling mag daarvan eet nie.
- 14 As iemand onwetend iets eet wat afgesonder is, moet hy 'n vyfde deel daarvan bysit en dit wat afgesonder is, aan die priester teruggee.
- 15 Hulle moenie die afgesonderde gawes wat die seuns van Yisra'el aan יהוה afgee, oenteer nie
- 16 en hulle die skuld van die oortredingsoffer laat dra as hulle die afgesonderde gawes sou eet nie, want Ek, יהוה, sonder hulle af.' “
- 17 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 18 “Praat met Aharon en sy seuns en met al die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Enige man uit die huis van Yisra'el, of uit die besoekers in Yisra'el, wat enige van sy offers vir al sy geloftes, of enige van sy vrywillige offers, wat hy aan יהוה as 'n brandoffer bring,
- 19 vir julle bring om te aanvaar, moet 'n manlike dier sonder gebrek bring, van die beeste, die skape of die bokke.
- 20 Julle mag nie enige iets met 'n liggaamsgebrek bring nie, want dit sal nie aanvaarbaar wees vir julle nie.
- 21 Wie ook al 'n vredesoffer, of 'n vrywillige offer, aan יהוה offer, om 'n spesiale gelofte na te kom, van die beeste of die kleinvee, moet 'n volmaakte dier bring om aanvaar te word; dit mag geen liggaamsgebrek hê nie.
- 22 Dit wat blind of gebrekkig of vermink is of swere, skurfte of uitslag het, moet julle nie tot יהוה bring nie en daarvan mag julle vir יהוה geen offer, deur vuur, op die altaar lê nie.
- 23 'n Bees of stuk kleinvee wat enige iets misvorm of te kort het, mag jy as 'n vrywillige offer bring, maar as gelofteoffer sal dit nie aanvaar word nie. ^{1 Kon 19:21}
- 24 'n Dier wat vermink, vergruis, verskeur of gesny is, mag julle nie tot יהוה offer nie: in julle land mag julle dit nie doen nie.
- 25 Uit die hand van 'n vreemdeling mag julle ook nie enige diere aan julle God as kos bring nie, want hulle korrupsie is in hulle, daar is gebreke aan hulle: hulle sal nie vir julle aanvaar word nie.’”
- 26 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 27 “As 'n bees of 'n lam of 'n bok gebore word, moet dit sewe dae lank by sy moeder bly en van die agtste dag af en verder sal dit aanvaarbaar wees as 'n offer, deur vuur gebring, aan יהוה,

- 28 maar 'n koei of 'n ooi mag julle nie saam met haar kleintjie op een dag doodmaak nie.
- 29 Wanneer jy 'n dankoffer aan יהוה bring, moet julle dit so bring dat julle aanvaarsal word.
- 30 Dit moet op dieselfde dag geëet word. Julle moet daarvan niks laat oorbly tot die oggend toe nie. Ek is יהוה.
- 31 Hou My opdragte en doen dit. Ek is יהוה.
- 32 Julle sal nie My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) onteer nie, maar Ek sal afgesonder behandel word onder die seuns van Yisra'el. Ek is יהוה, wat julle afsonder,
- 33 wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om vir julle 'n God te wees. Ek is יהוה."

23 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: Num 28, 29

- 2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Die vasgestelde tye van יהוה moet julle as afgesonderde byeenkomste verklaar; hierdie is My vasgestelde tye:
- 3 vir ses dae lank mag julle werk, maar op die sewende dag is dit 'n Shabbat van volkome rus, 'n afgesonderde byeenkoms. Jy mag géén werk doen nie, dit is 'n Shabbat van יהוה, oral waar julle bly. Gen 2:3; Eks 20:8-11; 31:14-17; Yes 56:2-7; 58:13; Mat 12:8; Heb 4:9
- 4 Hierdie is die vasgestelde tye van יהוה, afgesonderde byeenkomste, wat julle moet verklaar in die tye wat vir hulle bepaal is.
- 5 Op die veertiende dag van die eerste maand, tussen die twee sonsondergange, is die Pesag tot יהוה
- 6 en op die vyftiende dag van dieselfde maand is die Fees van Ongesuurde Brode tot יהוה; sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet. Eks 34:18
- 7 Op die eerste dag sal julle 'n afgesonderde byeenkoms hê; julle mag géén gewone werk doen nie.
- 8 Julle moet sewe dae lank 'n offer, deur vuur, tot יהוה bring. Op die sewende dag moet daar 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie."
- 9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 10 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle 'n gerf van die eerste vrugte van julle oes na die priester bring. 1 Kor 15:20
- 11 Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; op die dag ná die Shabbat moet die priester dit waai.
- 12 Op die dag as julle die gerf waai, moet julle 'n lam in sy eerste jaar, sonder gebrek, as brandoffer tot יהוה offer.
- 13 Sy graanoffer daarmee saam, moet twee tiendes van 'n efa fyn meel met olie gemeng wees, as 'n offer, deur vuur, gebring tot יהוה, 'n aangename geur en sy drankoffer moet 'n kwart hin wyn wees.
- 14 Julle mag geen brood of gebraaide graan of vars graan eet tot op daardie selfde dag dat julle die offer tot julle God bring nie. Dit is 'n ewige instelling vir al julle geslagte, oral waar julle bly.

- 15 Julle moet tel van die dag ná die Shabbat, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe Shabbatte moet voltooi wees; Eks 34:22; Hand 2:1
- 16 tot die dag ná die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe graanoffer tot יהוה bring.
- 17 Julle moet uit jul blyplekke twee waaibrode bring; van twee tiendes van 'n efa. Dit moet van fyn meel gebak word, met suurdeeg, as eerste vrugte tot יהוה.
- 18 Julle moet saam met die brood, sewe lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek, een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer tot יהוה wees saam met hulle graanoffer en drankoffers daarby, as offer, deur vuur, gebring tot 'n aangename geur vir יהוה.
- 19 Julle moet een bokram as 'n sondoffer offer, asook twee lammers in hulle eerste jaar, as 'n vredesoffer.
- 20 Die priester moet hulle saam met die brood van die eerste vrugte as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waa saam met die twee lammers; hulle moet tot יהוה afgesonder wees, vir die priester.
- 21 Julle moet op daardie selfde dag ook 'n verklaring maak: dit is 'n afgesonderde byeenkoms vir julle; julle mag géén gewone werk doen nie. Dit is 'n ewige instelling oral waar julle bly, regdeur julle geslagte.
- 22 Wanneer julle die opbrengs van julle land oes, moet jy die rand van jou land nie heeltemal af oes as jy oes nie en die are wat val, nie bymekaar maak nie. Vir die arme en die besoekers moet jy dit laat oorbly. Ek is יהוה, julle God.”
- 23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 24 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê: ‘In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is 'n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (shofar), 'n afgesonderde byeenkoms.
- 25 Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יהוה 'n offer, deur vuur.”
- 26 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 27 “Op presies die tiende dag van hierdie sewende maand is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet in nederigheid vas en 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer.
- 28 Op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n Toedekkingsdag (Yom Kippur) om vir julle toedekking te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God,
- 29 want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word;
- 30 asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk.
- 31 Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige instelling in al julle geslagte, oral waar julle bly.
- 32 Dit sal vir julle 'n Shabbat van volkome rus wees en julle moet in nederigheid vas. Vanaf die negende van die maand met sonsondergang, vanaf sonsondergang tot sonsondergang, moet julle jul Shabbat hou.”
- 33 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 34 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit vir sewe dae lank die Huttefees (Sukkot) tot יְהוָה. ^{Yog 7:2}
- 35 Op die eerste dag sal daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie.
- 36 Sewe dae lank moet julle ’n offer, deur vuur, tot יְהוָה offer. Op die agtste dag moet daar vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet ’n offer, deur vuur, tot יְהוָה offer. Dit is ’n bymekaarkoms en julle mag geen gewone werk doen nie.
- 37 Hierdie is die vasgestelde tye van יְהוָה, wat julle moet verkondig as afgesonderde byeenkomste, om offers, deur vuur, tot יְהוָה te offer: brandoffers, graanoffers, slagoffers en drankoffers, vir elke dag volgens voorskrifte;
- 38 bo en behalwe die Shabbatte van יְהוָה en bo en behalwe julle gawes en bo en behalwe al julle geloftes en bo en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan יְהוָה gee.
- 39 Ook op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrengs van die land insamel, moet julle die fees van יְהוָה sewe dae lank vier; met ’n rus op die eerste dag en ’n rus op die agtste dag.
- 40 Op die eerste dag moet julle vir julle die vrugte neem van mooi bome, met palmtakke en takke van digte bome en wilgers van die rivier af en julle sal julle vir sewe dae voor die Teenwoordigheid van יְהוָה verheug. ^{Neg 8:15-18}
- 41 Julle moet dit as ’n fees tot יְהוָה vier, vir sewe dae in die jaar. Dit is ’n ewige instelling in julle geslagte. Julle moet dit in die sewende maand vier.
- 42 Sewe dae lank moet julle in hutte bly; almal wat as deel van Yisra’el gebore is, moet in hutte woon
- 43 sodat julle geslagte kan weet dat Ek die seuns van Yisra’el in hutte laat woon het toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het. Ek is יְהוָה, julle God.”
- 44 So het Moshéh dan die feeste van יְהוָה aan die seuns van Yisra’el bekend gemaak.

24 ¹ יְהוָה het met Moshéh gepraat en gesê:

- 2 “Beveel die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om die lamp voortdurend te laat brand.
- 3 Aharon moet dit buitekant die verdelingsgordyn van die Getuënis, in die Tent van Ontmoeting, voorberei om voortdurend van die aand tot die oggend voor die Teenwoordigheid van יְהוָה te brand. Dit is ’n ewige instelling regdeur julle geslagte.
- 4 Hy moet die lampe op die rein lampstaander voortdurend voorberei voor die Teenwoordigheid van יְהוָה.
- 5 Jy moet ook fyn meel vat en twaalf koeke daarvan bak, twee tiendes van ’n efa moet in elke koek wees
- 6 en jy moet hulle in twee stapels neersit, ses in ’n stapel, op die rein tafel voor die Teenwoordigheid van יְהוָה.
- 7 Op elke stapel moet jy suiwer wierook sit, wat op die brood moet wees as ’n herdenking, as ’n offer deur vuur tot יְהוָה.
- 8 Op elke Shabbatdag moet hy dit as ’n ewige verbond, voortdurend voor die Teenwoordigheid van יְהוָה regsit, as geskenk vanaf die seuns van Yisra’el.

- 9 Dit sal as 'n ewige instelling vir Aharon en sy seuns wees, vanuit die offers, wat deur vuur gemaak word, tot יְהוָה: hulle moet dit in die Afgesonderde plek eet, want dit is iets volkome afgesonderd.”
- 10 Die seun van 'n Yisra'elitiese vrou, wie se man 'n Mitzrayimiet was, het uitgegaan tussen die seuns van Yisra'el in en die seun van die Yisra'elitiese vrou en 'n Yisra'elitiese man het met mekaar baklei in die kamp
- 11 en die seun van die Yisra'elitiese vrou het boos gepraat teen die Karakter en Outoriteit van יְהוָה en dit gevloek en hulle het hom na Mosheh gebring. Die naam van sy moeder was Shlomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan.
- 12 Hulle het hom toegesluit totdat die wil van יְהוָה aan hulle verklaar kon word.
- 13 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 14 “Wat hom wat gevloek het buitekant die kamp en laat almal wat hom gehoor het hulle hande op sy kop sit en laat die hele vergadering hom stenig.
- 15 Jy moet met die seuns van Yisra'el praat en sê: ‘Wie ook al sy God vloek, sal sy sonde dra
- 16 en wie ook al boos praat teen die Karakter en Outoriteit van יְהוָה, moet tot die dood toe tereggestel word; die hele vergadering moet hom met klippe stenig. Die besoeker, net soos die kind van die land, as hy boos praat teen יְהוָה, moet hy doodgemaak word.
- 17 Elkeen wat 'n mens doodslaen, moet tereggestel word tot die dood.
- 18 Wie ook al 'n stuk vee doodslaen, moet vergoeding doen daarvoor; lewe vir lewe.
- 19 As iemand sy naaste 'n gebrek veroorsaak, soos hy gedoen het, net so moet ook aan hom gedoen word:
- 20 breuk vir breuk, oog vir oog, tand vir tand, dieselfde gebrek wat hy aan 'n mens veroorsaak het, moet ook aan hom gedoen word.
- 21 Wie ook al 'n stuk vee doodslaen, moet daarvoor vergoeding gee, maar hy wat 'n mens doodslaen, moet doodgemaak word.
- 22 Julle sal dieselfde standaard hê vir die besoeker en vir die kind van die land, want Ek is יְהוָה, julle Magtige God.”
- 23 Mosheh het met die seuns van Yisra'el gepraat en hulle het die een wat gevloek het buitekant die kamp uitgevat en hom gestenig. So het die seuns van Yisra'el gedoen soos יְהוָה Mosheh beveel het.
- 25** 1 יְהוָה het met Mosheh gepraat op die berg Sinai en gesê:
- 2 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land inkom wat Ek julle gee, moet die land 'n Shabbat hê vir יְהוָה.
- 3 Ses jaar lank moet jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrengs daarvan insamel,
- 4 maar in die sewende jaar moet daar vir die land 'n Shabbatsrus wees, 'n Shabbat vir יְהוָה; jy mag nie jou land saai of jou wingerd snoei nie.
- 5 Wat vanself groei van jou oes, moet jy nie afoes nie en die druiwe van jou onversorgde wingerdstok nie af sny nie, want dit is 'n jaar van rus vir die land.
- 6 Die Shabbat opbrengs van die land sal julle kos wees; vir jou, jou slaaf, jou slavin, jou huurling en die besoeker wat by jou bly,

- 7 vir jou vee en vir die wild wat in jou land is, sal die hele opbrengs wees om te eet.
- 8 Jy moet vir jouself sewe Shabbatsjare tel, sewe maal sewe jaar en die dae van die sewe Shabbatjare sal vir jou nege en veertig jaar wees.
- 9 Dan moet jy die shofar (ramshoring) van die jubeljaar laat blaas in die sewende maand, op die tiende van die maand; op die dag van Toedekking moet julle die ramshoring deur die hele land laat blaas.
- 10 Julle moet die vyftigste jaar afsonder en 'n vrystelling in die hele land verkondig aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees en elkeen van julle moet na sy besittings en elkeen na sy familie teruggaan.
- 11 Die vyftigste jaar moet 'n jubeljaar vir julle wees. Daarin mag julle nie saai nie, ook nie afoes wat self groei of die druiwe van die onversorgde wingerdstok afsny nie,
- 12 want dit is 'n jubeljaar, dit moet vir julle afgesonder wees: jy moet die opbrengs van die land af eet.
- 13 In die jubeljaar moet elkeen na sy besittings teruggaan.
- 14 As jy iets aan jou naaste verkoop of van jou naaste se hand koop, moet julle mekaar nie benadeel nie.
- 15 Volgens die getal jare ná die jubeljaar moet jy van jou naaste koop; volgens die getal jare dat daar 'n oes is, moet hy dit aan jou verkoop.
- 16 Volgens die groter aantal jare moet jy die koopprys daarvan vermeerder en volgens die kleiner aantal jare moet jy die koopprys daarvan verminder, want hy verkoop aan jou volgens die aantal oeste.
- 17 Julle sal mekaar daarom nie benadeel nie, maar jy sal jou God respekvol vrees, want Ek is יהוה, julle God.
- 18 So moet julle My reëls doen en My regverdige oordele onderhou en dit doen en julle sal veilig woon in die land.
- 19 Die land sal sy vrug gee en julle sal volop eet en veilig daarin woon.
- 20 As julle sê: "Wat moet ons in die sewende jaar eet as ons nie mag saai en ons oes nie mag insamel nie?"
- 21 Dan beveel Ek My seën oor julle in die sesde jaar en dit sal 'n oes genoeg vir drie jaar oplewer.
- 22 In die agtste jaar moet julle saai en van die ou opbrengs eet tot die negende jaar toe; totdat die opbrengs hiervan inkom, moet julle die ou oes eet.
- 23 Die grond moenie vir altyd verkoop word nie, want die land is Myne, want julle is vreemdelinge en besoekers by My. ^{Gen 47:9}
- 24 In die hele land van julle besitting, moet julle herstel van besit van die grond toelaat.
- 25 As een van jou broers arm word en van sy besitting verkoop en sy vergoeder, wat familie is, kom, moet hy dit wat sy broer verkoop het, kan terugkoop,
- 26 of as iemand geen vergoeder het nie, maar dit kan bekostig en genoeg vind vir die terugkoping,
- 27 moet hy die jare bereken dat dit verkoop is en die jare wat oorbly moet hy aan die man, aan wie hy verkoop het, teruggee en dan na sy besitting teruggaan,

- 28 maar as hy nie in staat is om dit terug te koop nie, moet die verkoopte goed in die hand van die koper bly tot die jubeljaar toe en in die jubeljaar moet dit vry word en hy moet na sy besitting teruggaan.
- 29 As iemand 'n huis in 'n ommuurde stad verkoop, kan hy dit terugkoop binne 'n volle jaar nadat dit verkoop is; binne 'n volle jaar mag hy dit terugkoop,
- 30 maar as dit nie teruggekoop word voordat 'n hele jaar verby is nie, moet die huis wat in die ommuurde stad is, vir altyd die eiendom van sy koper bly in sy geslagte; dit sal nie vry word in die jubeljaar nie.
- 31 Die huise van die dorpe wat geen muur rondom het nie moet egter soos die veld van die land gereken word. Hulle mag teruggekoop word en sal in die jubeljaar vry word.
- 32 Op die stede van die Leviete en die huise in die stede wat in hulle besit is, moet daar 'n ewige reg tot terugkoping wees vir die Leviete.
- 33 As iemand van die Leviete af die huis terugkoop, moet die huis wat verkoop is, in die stad van sy besitting, in die jubeljaar vry word, want die huise in die stede van die Leviete is hulle besitting onder die seuns van Yisra'el.
- 34 Die algemene veld om hulle stede mag nie verkoop word nie, want dit is 'n ewige besitting vir hulle.
- 35 As een van jou broers by jou arm word en sy land word wankelrig, moet jy hom ondersteun, soos 'n vreemdeling of 'n besoeker sodat hy by jou kan leef.
- 36 Jy moet geen rente of wins van hom vat nie, maar jy moet jou God respekvol vrees sodat jou broer by jou kan leef.
- 37 Jy mag nie jou geld vir hom op rente gee nie of vir hom jou kos teen 'n wins gee nie.
- 38 Ek is יהוה, julle God, wat julle uit die land Mitzrayim uitgelei het om vir julle die land Kena'an te gee en om julle God te wees.
- 39 As een van jou broers wat by jou bly arm word en hom aan jou verkoop, mag jy hom nie dwing om as 'n slaaf te dien nie. File 1:16
- 40 Soos 'n huurling, soos 'n besoeker, moet hy by jou wees en jou dien tot die jubeljaar toe;
- 41 dan moet hy vry van jou af weggaan, hy en sy kinders saam met hom en hy moet na sy familie terugkeer en na die besitting van sy vaders teruggaan,
- 42 want hulle is My knegte wat Ek uit Mitzrayim uitgelei het; hulle mag nie verkoop word as slawe nie. Eks 21:2-6
- 43 Jy mag nie met hardheid oor hom heers nie, maar jy moet jou God respekvol vrees.
- 44 Aangaande jou slaaf of jou slavin van die nasies wat rondom julle is, van hulle mag julle 'n slaaf of slavin koop, wat aan jou sal behoort.
- 45 Meer nog, van die kinders van die besoekers wat by julle bly; van hulle mag julle koop en van hulle familie wat by julle is, wat gebore is in julle land en dié sal julle besittings wees.
- 46 Julle mag dié aan julle seuns ná julle nalaat om te erf as 'n besitting; vir ewig mag julle hulle laat dien, maar oor julle broers, die seuns van Yisra'el, mag die een nie oor die ander met hardheid heers nie.

- 47 As 'n vreemdeling of besoeker by jou ryk word en jou broer wat by hom bly word arm en hy homself aan 'n vreemdeling of besoeker by jou verkoop, of aan 'n familielid uit die familie van 'n vreemdeling,
- 48 dan moet daar vir hom, nadat hy hom verkoop het, reg tot terugkoping wees; een van sy broers kan hom terugkoop,
- 49 of sy oom of sy oom se seun kan hom terugkoop, of een van sy naaste bloedverwante uit sy familie kan hom terugkoop, of as hy in staat is, kan hy homself terugkoop.
- 50 So moet hy met sy koper bereken: die prys van sy verkope sal wees van die jaar af dat hy hom aan hom verkoop het, tot die jubeljaar toe. Dit sal wees volgens die tyd van 'n huurling vir hom.
- 51 As daar nog baie jare oor is, moet hy volgens hulle sy terugkoopprys uit die geld waarvoor hy gekoop is, teruggee
- 52 en as daar maar min jare tot die jubeljaar toe oor is, moet hy dit met hom bereken; volgens dié jare moet hy sy terugkoopprys teruggee.
- 53 Hy sal van jaar tot jaar by hom wees as 'n gehuurde dienskneg en hy mag nie voor jou oë met hardheid oor hom heers nie.
- 54 As hy nie in dié jare terugkoop word nie, moet hy in die jubeljaar vrygelaat word, hy en sy kinders saam met hom,
- 55 want die seuns van Yisra'el is diensknegte vir My; hulle is My diensknegte wat Ek uit Mitzrayim uitgelei het. Ek is יהוה, julle God.
- 26** 1 Julle mag vir julle geen afgode maak nie; nie 'n gekerfde beeld of 'n afgesonderde pilaar mag julle vir julle oprig nie en 'n gevormde klip beeld in julle land nie opstel om tot dit neer te buig nie, want Ek is יהוה, julle God.
- 2 Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde Plek respekteer. Ek is יהוה.
- 3 As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen, ^{Deut 28:1}
- 4 sal Ek julle reën gee in sy seisoen en die land sal sy opbrengs gee en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.
- 5 Jou dorstyd sal aanhou tot die druiweoes, die druiweoes sal aanhou tot die saaiyd, julle sal jul kos ten volle eet en veilig in julle land woon.
- 6 Ek sal vrede gee in die land sodat julle sal gaan lê en niemand sal julle bang maak nie. Ek sal die wilde diere uit die land verwyder en geen swaard sal deur julle land trek nie. ^{Ps 4:9}
- 7 Julle sal jul vyande agtervolg en hulle sal voor julle val deur die swaard.
- 8 Vyf van julle sal 'n honderd agtervolg en 'n honderd van julle sal tien duisend laat vlug. Julle vyande sal deur die swaard voor julle val, ^{Y'ho 23:10}
- 9 want Ek sal goedgunstig na julle kyk, julle vrugbaar maak, julle vermenigvuldig en My verbond sal Ek met julle bevestig.
- 10 Julle sal graan eet wat opgestoor is en die ou oes uithaal ter wille van die nuwe.
- 11 Ek sal My woonplek tussen julle oprig en My Wese sal julle nie verwerp nie.
- 12 Ek sal tussen julle loop en julle God wees en julle sal My volk wees. ^{Open 21:3}
- 13 Ek is יהוה, julle God, wat julle uit Mitzrayim uitgelei het sodat julle nie hulle slawe moet wees nie. Ek het die skeie van julle juk verbreek en julle laat regop loop,
- 14 maar as julle My nie gehoorsaam en nie al hierdie opdragte doen nie

- 15 en as julle My reëls verwerp en as julle lewens My regverdige oordele verafsku sodat julle nie al My opdragte doen nie en My verbond verbreek,
- 16 dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal julle besoek met 'n skielike paniek, toring en koors wat die oë opvreet en die lewe laat afneem. Julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet.
- 17 Ek sal My gesig teen julle draai en julle sal voor jul vyande verslaan word. Die wat julle haat sal oor julle heers en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie.
- 18 Na dit alles, as julle My nie gehoorsaam nie, sal Ek julle sewe keer meer vir julle oortredinge straf.
- 19 Ek sal die trots van julle mag verbreek en sal julle hemele maak soos yster en julle aarde soos koper.
- 20 Julle krag sal tevergeefs gebruik word, want julle land sal sy opbrengs nie lewer nie en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie.
- 21 As julle jul teen My versit en My nie wil gehoorsaam nie, sal Ek sewe keer meer plaë op julle lê, volgens julle sondes.
- 22 Ek sal wilde diere van die veld onder julle instuur en dié sal julle kinders steel, julle vee uitroei, julle verminder en julle paaie sal verlate wees.
- 23 As julle hierdeur jul nie deur My laat dissiplineer nie, maar julle teen My versit, Lev 26:28; Heb 12:5-11
- 24 sal Ek My ook teen julle versit en julle ook sewevoudig straf vir julle sondes.
- 25 Ek sal 'n swaard teen julle bring, wat die wraak van die verbond sal uitvoer en wanneer julle in jul stede bymekaarkom, sal Ek pes onder julle instuur en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word.
- 26 Wanneer Ek julle hoeveelheid brood afsny, sal tien vroue julle brood in een oond bak en julle brood by die gewig teruggee en julle sal eet, maar nie versadig word nie.
- 27 Na al hierdie, as julle My nie gehoorsaam nie, maar julle teen My versit,
- 28 sal Ek My in woede teen julle versit en Ek, ja Ek, sal julle sewevoudig dissiplineer vir julle sondes. Lev 26:23; Heb 12:5-11
- 29 Julle sal die vlees van julle seuns eet en julle sal die vlees van julle dogters eet. 2 Kon 6:28,29
- 30 Ek sal julle hoë plekke verwoes, julle wierook altare afbreek en julle lyke op die lyke van julle afgode gooi en My Wese sal 'n afsku in julle hê.
- 31 Ek sal julle stede puinhoop maak en julle afgesonderde plekke verwoes en julle aangename geure nie ruik nie. Yes 64:9,10
- 32 Ek sal die land tot verwoesting bring en julle vyande wat daarin gaan woon, sal daarvoor verstom staan.
- 33 Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek en julle land sal 'n wildernis word en julle stede sal vernietig word.
- 34 Dan sal die land sy Shabbatte geniet, solank as dit woes lê terwyl julle in die land van julle vyande is; dan sal die land rus en sy Shabbatte geniet.
- 35 Al die dae van sy woestheid sal dit rus, want dit het nie gerus op julle Shabbatte, toe julle daarin gewoon het nie. Yir 29:10; 2 Kro 36:21
- 36 Wat betref diegene wat onder julle oorgebly het; Ek sal in hulle hart 'n vreesagtigheid bring in die lande van hulle vyande sodat die geruis van 'n waaiende blaas hulle op die loop sal jaag en hulle sal vlug, soos 'n mens vir 'n swaard vlug en val sonder dat iemand agtervolg. Yes 51:13

- 37 Hulle sal struikel, die een oor die ander, soos voor 'n swaard, wanneer niemand agtervolg nie en julle sal geen krag hê om voor julle vyande te staan nie.
- 38 Julle sal omkom onder die nasies en die land van julle vyande sal julle verteer
- 39 en die wat onder julle oorgebly het, sal oor hulle skuld wegteer in die lande van julle vyande; ook oor die skuld van hulle vaders wat by hulle is, sal hulle wegteer.
- 40 As hulle hul skuld bely en die skuld van hulle vaders, met hulle ontrouheid waarmee hulle ontrou teen My opgetree het en ook dat hulle hul teen My versit het
- 41 sodat Ek My ook teen hulle versit het en hulle in die land van hulle vyande gebring het, wanneer hulle onbesnede harte verneder is en hulle hul skuld erken, ^{Hand 7:51}
- 42 dan sal Ek My verbond met Ya'akov onthou en My verbond met Yitz'gak en My verbond met Avraham sal Ek onthou en Ek sal die land onthou.
- 43 Die land moet eers van hulle verlate wees en tevrede wees met sy Shabbatte terwyl dit woens lê sonder hulle; hulle sal hulle skuld erken omdat hulle My regverdige oordele verwerp en hulle lewe My reëls verafsku het.
- 44 Tog, na alles, wanneer hulle in die land van hul vyande is, sal Ek hulle nie verwerp nie en sal Ek hulle nie verafsku nie sodat Ek hulle sou vernietig en My verbond met hulle sou verbreek nie, want Ek is יהוה, hulle God.
- 45 Ek sal egter vir hulle onthalwe die verbond met hulle voorvaders, wat Ek uit Mitzrayim voor die oë van die nasies uitgelei het, onthou, om vir hulle 'n God te wees. Ek is יהוה.”
- 46 Hierdie is die voorskrifte, die regverdige oordele en die wette wat יהוה tussen Hom en die seuns van Yisra'el, by die berg Sinai, deur die hand van Mosheh, gegee het.

27 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘As iemand 'n uitsonderlike gelofte van 'n lewe deur waardasie tot יהוה aflê
- 3 en as jou waardasie vir 'n manspersoon van twintig tot sestig jaar oud is, dan moet jou waardasie vyftig sikkels silwer wees, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek.
- 4 As dit 'n vrou is, dan moet jou waardasie dertig sikkels wees.
- 5 Van vyf tot twintig jaar oud, moet jou waardasie vir 'n manspersoon twintig sikkels wees en vir 'n vrou tien sikkels
- 6 en vir iemand van 'n maand oud tot vyf jaar, moet jou waardasie vir die manlike geslag vyf sikkels silwer wees en jou waardasie vir die vroulike drie sikkels silwer
- 7 en vir iemand van sestig jaar oud en ouer; vir 'n manspersoon, moet jou waardasie vyftien sikkels wees en vir 'n vrou tien sikkels,
- 8 maar as hy te arm is vir jou waardasie, moet hy voor die priester kom en die priester moet vir hom 'n waarde gee, volgens wat hy, wat die gelofte gedoen het, kan bekostig, moet die priester hom evalueer. ^{Hand 21:24}
- 9 As dit 'n dier is wat 'n man as offer tot יהוה mag bring, moet alles wat hy gee vir יהוה, afgesonder wees.
- 10 Hy mag dit nie vervang of omruil nie; 'n goeie vir 'n slegte of 'n slegte vir 'n goeie nie, maar as hy tog 'n dier vir 'n ander een omruil, moet dit en die geruilde dier afgesonder wees.

- 11 As dit enige onrein dier is wat 'n man nie tot יְהוָה mag offer nie, moet hy die dier voor die priester bring
- 12 en die priester moet dit evalueer of dit goed of sleg is; soos jy, die priester, dit evalueer, so sal dit wees,
- 13 maar as hy dit wil loskoop, moet hy 'n vyfde deel van jou waardasie bysit.
- 14 As iemand sy huis afsonder om afgesonder te wees tot יְהוָה, moet die priester dit evalueer of dit goed of sleg is; soos die priester dit evalueer, so moet dit bly.
- 15 As hy wat dit afgesonder het, sy huis wil loskoop, moet hy 'n vyfde deel van die geld van jou waardasie bysit; dan sal dit syne wees.
- 16 As iemand 'n stuk land van sy besitting tot יְהוָה afsonder, moet jou waardasie wees volgens die saad daarvoor: 'n homer garssaad word op vyftig sikkels silwer waardeer.
- 17 As hy sy stuk land van die jubeljaar af afsonder, sal jou waardasie staan,
- 18 maar as hy sy stuk land ná die jubeljaar afsonder, moet die priester vir hom die geld bereken volgens die jare wat tot die volgende jubeljaar oor is en dit moet van jou waardasie afgetrek word.
- 19 As hy wat die stuk land afgesonder het, wil betaal om dit los te koop, moet hy 'n vyfde deel van die geld van jou waardasie daar bysit en dit sal vir hom bevestig wees.
- 20 As hy die stuk land nie losgekoop het nie, of as hy die stuk land aan 'n ander verkoop het, mag dit nie meer losgekoop word nie,
- 21 maar die stuk land moet, as dit in die jubeljaar vry word, aan יְהוָה afgesonder wees soos 'n toegewyde land; dit sal die besit van die priester wees.
- 22 As 'n man aan יְהוָה 'n stuk land afsonder wat hy gekoop het, wat nie van die land van sy besitting is nie,
- 23 moet die priester vir hom die bedrag van die waardasie tot die jubeljaar bereken en hy moet op dieselfde dag die waardasie gee as 'n afgesonderde gawe aan יְהוָה.
- 24 In die jubeljaar moet die stuk land teruggaan na hom van wie hy dit gekoop het, aan hom wat die land besit as 'n besitting.
- 25 Alles wat jy evalueer, moet volgens die sikkel van die Afgesonderde plek wees; die sikkel moet twintig gera wees.
- 26 Die eersgeborene van 'n dier wat as eersgeborene aan יְהוָה behoort, dit mag niemand afsonder nie; of dit 'n bees is of 'n stuk kleinvee, dit behoort aan יְהוָה.
- 27 As dit 'n onrein dier is, dan moet hy dit na jou evaluering loskoop en 'n vyfde deel daarvan bysit en as dit nie losgekoop word nie, moet dit volgens jou evaluering verkoop word. Deut 23:18
- 28 Nogtans mag geen van die toegewyde goed wat iemand aan יְהוָה wy, van alles wat aan hom behoort, mense, vee of grond wat in sy besit is, verkoop of losgekoop word nie. Al die toegewyde goed moet volkome tot יְהוָה afgesonder wees.
- 29 Geen toegewyde ding, toegewy om vernietig te word, mag losgekoop word nie; hy moet die dood sterf.
- 30 Al die tiendes van die land, van die graan van die land of van die vrugte van die bome, behoort aan יְהוָה; dit is afgesonder tot יְהוָה.

- 31 As iemand wil betaal om van sy tiende los te koop, moet hy 'n vyfde deel daarvan bysit.
- 32 Wat betref die tiendes van beeste en kleinvee; van alles wat onder die herderstaf deurgaen, die tiende een sal tot יהוה afgesonder wees.
- 33 Hulle mag nie ondersoek word, of dit goed of sleg is en dit omruil nie, maar as hulle dit omruil, moet dit en die geruilde afgesonder wees; dit mag nie losgekoop word nie.”
- 34 Dit is die opdragte wat יהוה op die berg Sinai aan Mosheh, vir die seuns van Yisra'el, beveel het.

Die vierde boek van die Verbond (Tanakh)

Die vierde boek van die Instruksies (Torah)

Numeri

(במדבר - B'midbar – In die wildernis)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

- 1 ¹ יְהוָה het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Mitzrayim uitgetrek het en gesê:
- 2 “Tel die koppe van die hele vergadering van die seuns van Yisra’el volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die getal name, almal wat manlik is, kop vir kop;
- 3 vanaf twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat is om oorlog te gaan maak in Yisra’el, dié moet jy en Aharon tel volgens hulle leërafdelings.
- 4 Saam met julle moet daar ook ’n man wees van elke stam, elkeen die hoof van sy vader se huis.
- 5 Hierdie is die name van die manne wat julle moet bystaan:
 van Re’uven: Elitzur, die seun van Sh’dé’ur;
- 6 van Shim’on: Shlumi’el, die seun van Tzurishaddai;
- 7 van Y’hudah: Nagshon, die seun van `Amminadav;
- 8 van Yissakhar: N’tan’el, die seun van Tzu’ar;
- 9 van Z’vulun: Eli’av, die seun van Helon;
- 10 van die seuns van Yosef: van Efrayim: Elishama, die seun van `Ammihud; van M’nasheh: Gamli’el, die seun van P’dahtzur;
- 11 van Binyamin: Avidan, die seun van Gid’oni;
- 12 van Dan: Agi’ezer, die seun van `Ammishaddai;
- 13 van Asher: Pag’i’el, die seun van `Okhran;
- 14 van Gad: Elyasaf, die seun van Re’u’el;
- 15 van Naftali: Agira, die seun van `Enan.
- 16 Dit is hulle wat gekies is uit die vergadering, die leiers van hulle vaders se stamme, hoofde oor afdelings van Yisra’el.”
- 17 Mosheh en Aharon het dié manne gevat wat volgens hulle name aangewys is
- 18 en hulle het die hele vergadering op die eerste dag van die tweede maand bymekaar laat kom en hulle geregistreer volgens afkoms in hulle families, volgens hulle vader se huise, volgens die aantal name, van twintig jaar oud en ouer, kop vir kop.
- 19 Soos יְהוָה Mosheh beveel het, het hy hulle getel in die wildernis van Sinai.
- 20 Die seuns van Re’uven, die eersgeborene van Yisra’el; hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, kop vir kop, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 21 hulle wat getel is van die stam van Re’uven was ses en veertig duisend vyf honderd (46 500).
- 22 Van die seuns van Shim’on, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, kop vir kop, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 23 hulle wat getel is van die stam van Shim’on was nege en vyftig duisend drie honderd (59 300).

- 24 Van die seuns van Gad, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 25 hulle wat getel is van die stam van Gad was vyf en veertig duisend ses honderd en vyftig (45 650).
- 26 Van die seuns van Y'hudah, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 27 hulle wat getel is van die stam van Y'hudah was vier en sewentig duisend ses honderd (74 600).
- 28 Van die seuns van Yissakhar, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 29 hulle wat getel is van die stam van Yissakhar was vier en vyftig duisend vier honderd (54 400).
- 30 Van die seuns van Z'vulun, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 31 hulle wat getel is van die stam van Z'vulun was sewe en vyftig duisend vier honderd (57 400).
- 32 Van die seuns van Yosef: van die seuns van Efrayim, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 33 hulle wat getel is van die stam van Efrayim was veertig duisend vyf honderd (40 500);
- 34 van die seuns van M'nasheh, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 35 hulle wat getel is van die stam van M'nasheh was twee en dertig duisend twee honderd (32 200).
- 36 Van die seuns van Binyamin, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 37 hulle wat getel is van die stam van Binyamin was vyf en dertig duisend vier honderd (35 400).
- 38 Van die seuns van Dan, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 39 hulle wat getel is van die stam van Dan was twee en sestig duisend sewe honderd (62 700).
- 40 Van die seuns van Asher, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;

- 41 hulle wat getel is van die stam van Asher was een en veertig duisend vyf honderd (41 500).
- 42 Van die seuns van Naftali, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 43 hulle wat getel is van die stam van Naftali was drie en vyftig duisend vier honderd (53 400).
- 44 Hierdie is hulle wat getel is, wat Mosheh en Aharon getel het saam met die leiers van Yisra'el, twaalf man, elkeen het sy vader se huis verteenwoordig.
- 45 So was dan al die geteldes van die seuns van Yisra'el volgens hulle vader se huise, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
- 46 almal wat getel is, was ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig.
- 47 Die Leviete, volgens hulle vaders se stam, is nie saam met hulle getel nie,
- 48 want יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 49 “Net die stam van Levi moet jy nie tel nie en hulle nie per kop onder die seuns van Yisra'el tel nie,
- 50 maar stel die Leviete aan oor die tabernakel van die Getuienis en oor al sy bybehore en oor alles wat daarby hoort. Hulle moet die tabernakel dra en alles wat daarby hoort en hulle moet dit bedien en rondom die tabernakel kamp opslaan.
- 51 Wanneer die tabernakel wegtrek, moet die Leviete dit afbreek en as die tabernakel rus, moet die Leviete dit oprig en die vreemdeling wat naderkom, moet gedood word.
- 52 Die seuns van Yisra'el moet hulle tente opslaan, elkeen in sy eie kamp en elkeen by sy banier, volgens hulle leërafdelings,
- 53 maar die Leviete moet kamp opslaan rondom die tabernakel van die Getuienis sodat daar geen toorn oor die vergadering van die seuns van Yisra'el kom nie en die Leviete moet in beheer wees van die tabernakel van die Getuienis.”
- 54 Die seuns van Yisra'el het dit so gedoen; net soos יהוה Mosheh beveel het, so het hulle gedoen.
- 2** 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 2 “Die seuns van Yisra'el moet kamp opslaan, elkeen by sy eie banier, langs die embleem van hulle vaders se huise; op 'n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting, moet hulle kamp opslaan.
- 3 Aan die oostekant, na die opkomende son, moet hulle onder die banier van Y'hudah, kamp opslaan, volgens hulle leërafdelings en Nagshon, die seun van 'Amminadav, sal leier wees oor die seuns van Y'hudah.
- 4 Sy leër is getel as vier en sewentig duisend ses honderd (74 600).
- 5 Die wat langs hom kamp opslaan, sal die stam van Yissakhar wees en N'tan'el, die seun van Tzu'ar, sal leier wees oor die seuns van Yissakhar.
- 6 Sy leër is getel as vier en vyftig duisend vier honderd (54 400).
- 7 Daarna kom die stam van Z'vulun en Eli'av, die seun van Helon, sal leier wees oor die seuns van Z'vulun.
- 8 Sy leër is getel as sewe en vyftig duisend vier honderd (57 400).

- 9 Al die wat getel is in die kamp van Y'udah was honderd ses en tagtig duisend vier honderd (186 400), volgens hulle leërafdelings. Hulle moet eerste opbreek.
- 10 Aan die suidekant sal die banier van die kamp van Re'uven wees volgens hulle leërafdelings en Elitzur, die seun van Sh'de'ur, sal leier wees oor die seuns van Re'uven.
- 11 Sy leër is getel as ses en veertig duisend vyf honderd (46 500).
- 12 Die wat langs hom kamp opslaan, sal die stam van Shim'on wees en Shlumi'el, die seun van Tzurishaddai, sal leier wees oor die seuns van Shim'on.
- 13 Sy leër is getel as nege en vyftig duisend drie honderd (59 300).
- 14 Daarna kom die stam van Gad en Elyasaf, die seun van Re'u'el, sal leier wees oor die seuns van Gad.
- 15 Sy leër is getel as vyf en veertig duisend ses honderd en vyftig (45 650).
- 16 Al die wat getel is in die kamp van Reu'ven was honderd een en vyftig duisend vier honderd en vyftig (151 450) volgens hulle leërafdelings. Hulle moet tweede opbreek.
- 17 Daarna moet die Tent van Ontmoeting opbreek: die kamp van die Leviëte, in die middel van die ander kampe. Soos hulle kamp opslaan, so moet hulle opbreek, elkeen op sy plek, volgens hulle baniere. Num 3:23-38
- 18 Aan die westekant sal die banier van die kamp van Efrayim wees, volgens hulle leërafdelings en Elishama, die seun van 'Ammihud, sal leier wees oor die seuns van Efrayim.
- 19 Sy leër is getel as veertig duisend vyf honderd (40 500).
- 20 Langs hom is die stam van M'nasheh en Gamli'el, die seun van P'dahtzur, sal leier wees oor die seuns van M'nasheh.
- 21 Sy leër is getel as twee en dertig duisend twee honderd (32 200).
- 22 Daarna kom die stam van Binyamin en Avidan, die seun van Gid'oni, sal leier wees oor die seuns van Binyamin.
- 23 Sy leër is getel as vyf en dertig duisend vier honderd (35 400).
- 24 Al die wat getel is in die kamp van Efrayim was honderd en agt duisend een honderd (108 100) volgens hulle leërafdelings. Hulle moet derde opbreek.
- 25 Aan die noordekant sal die banier van die kamp van Dan wees, volgens hulle leërafdelings en Agi'ezer, die seun van 'Ammishaddai, sal leier wees oor die seuns van Dan.
- 26 Sy leër is getel as twee en sestig duisend sewe honderd (62 700).
- 27 Die wat langs hom kamp opslaan, moet die stam van Asher wees en Pag'i'el, die seun van 'Okhran, sal leier wees oor die seuns van Asher.
- 28 Sy leër is getel as een en veertig duisend vyf honderd (41 500).
- 29 Daarna kom die stam van Naftali en Agira, die seun van 'Enan, sal leier wees oor die seuns van Naftali.
- 30 Sy leër is getel as drie en vyftig duisend vier honderd (53 400).
- 31 Al die wat getel is in die kamp van Dan was honderd sewe en vyftig duisend ses honderd (157 600). Hulle moet laaste opbreek, volgens hulle baniere."
- 32 Dit is die wat getel is van die seuns van Yisra'el, volgens hulle vaders se huise. Al die wat getel is van die kampe, volgens hulle leërafdelings, was ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig (603 550),

- 33 maar die Leviete is nie onder die seuns van Yisra'el getel nie, soos יהוה Mosheh beveel het.
- 34 Die seuns van Yisra'el het gedoen net soos יהוה Mosheh beveel het; so het hulle kamp opgeslaan volgens hulle baniere en so het hulle opgebreek, elkeen volgens sy familie, by sy vader se huis.
- 3** 1 Hierdie is die nageslag van Aharon en Mosheh op die dag toe יהוה met Mosheh op die berg Sinai gepraat het.
- 2 Hierdie is die name van die seuns van Aharon: Nadav, die eersgeborene, Avihu, El'azar en Itamar.
- 3 Hierdie is die name van die seuns van Aharon, die gesalfde priesters, wat Hy aangestel het om as priesters te dien.
- 4 Nadav en Avihu het egter gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה toe hulle vreemde vuur voor יהוה in die wildernis van Sinai gebring het en hulle het geen seuns gehad nie. El'azar en Itamar het as priesters bedien in die leeftyd van hulle vader Aharon.
- 5 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 6 “Laat die stam van Levi naderkom en bring hulle voor die priester, Aharon sodat hulle hom kan dien.
- 7 Hulle moet vir hom diens doen en hulle moet vir die hele vergadering, voor die Tent van Ontmoeting, die dienswerk van die tabernakel doen.
- 8 Hulle moet sorg vir al die bybehore van die Tent van Ontmoeting en vir die behoeftes van die seuns van Yisra'el, deur die dienswerk van die Tabernakel te doen.
- 9 Jy moet die Leviete aan Aharon en sy seuns gee; hulle is volkome vir hom, vanuit die seuns van Yisra'el, aangewys.
- 10 So moet jy Aharon en sy seuns aanstel sodat hulle in beheer sal wees van die priestersamp en die vreemdeling wat naderkom, moet gedood word.” ^{Num 26:9-11}
- 11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 12 “Let op, Ek Self het die Leviete gevat vanuit die seuns van Yisra'el in die plek van al die eersgeborenes wat die baarmoeder, vanuit die seuns van Yisra'el, open; daarom sal die Leviete Myne wees,
- 13 want al die eersgeborenes is Myne. Op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Mitzrayim getref het, het Ek al die eersgeborenes in Yisra'el vir My afgesonder, mense sowel as diere. Hulle is Myne. Ek is יהוה.”
- 14 יהוה het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai en gesê:
- 15 “Tel die seuns van Levi volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families; almal wat manlik is, van 'n maand oud en ouer, dié moet jy tel.”
- 16 Mosheh het hulle volgens die woord van יהוה getel, soos hy beveel is.
- 17 Hierdie was die seuns van Levi volgens hulle name: Gershon, K'hat en M'rari.
- 18 Dit is die name van die seuns van Gershon volgens hulle families: Livni en Shim'i.
- 19 Die seuns van K'hat volgens hulle families: 'Amram, Yitz'har, Hevron en 'Uzi'el.

- 20 Die seuns van M'rari volgens hulle families: Magli en Mushi. Dit is die families van die Leviëte volgens hulle vaders se huise.
- 21 Vanaf Gershon het die familie van die Livni en die familie van die Shim'i gekom. Dit is die families van die Gershoniëte.
- 22 Volgens die getal van almal wat manlik is, van 'n maand oud en ouer, was die wat getel is sewe duisend vyf honderd (7 500).
- 23 Die families van die Gershoniëte moet kamp opslaan agter die tabernakel aan die westekant.
- 24 Die leier oor die vader van die Gershoniëte se huis is Elyasaf, die seun van La'el.
- 25 Die verantwoordelikheid van die seuns van Gershon by die Tent van Ontmoeting was: die tabernakel en die tent, sy dekkleed en die gordyn vir die ingang van die Tent van Ontmoeting,
- 26 die gordyne van die voorhof en die gordyn vir die ingang van die voorhof, wat rondom die tabernakel en die altaar is, sy toue en al die instrumente daarvan.
- 27 Vanuit K'hat het die familie van 'Amram, die familie van Yitz'har, die familie van Hevron en die familie van 'Uzi'el gekom. Dit is die families van K'hat.
- 28 Die getal van almal wat manlik is, van 'n maand oud en ouer, wat die diens van die Afgesonderde plek gedoen het, was agt duisend ses honderd (8 600).
- 29 Die families van die seuns van K'hat moet kamp opslaan langs die tabernakel, aan die suidekant.
- 30 Die leier oor die vaders van die families van K'hat se huis is Elitzafan, die seun van 'Uzi'el.
- 31 Hulle verantwoordelikheid was: die ark, die tafel, die lampstaander, die altare en die bybehore van die Afgesonderde Plek, waarmee hulle diens doen en die verdelingsgordyn en alles wat by die bediening daarvan hoort.
- 32 El'azar, die seun van Aharon, die priester, was die hoof van die leiers van die Leviëte, die opsigter oor dié wat die diens van die Afgesonderde plek doen.
- 33 Vanuit M'rari het die familie van Magli en die familie van Mushi gekom. Dit is die families van M'rari.
- 34 Die getal van almal wat manlik is, van 'n maand oud en ouer, was ses duisend twee honderd (6 200).
- 35 Die leier oor die vaders van die families van M'rari se huis is Tzuri'el, die seun van Avigayil; hulle moet kamp opslaan langs die tabernakel, aan die noordekant.
- 36 Die aangestelde verantwoordelikheid van die seuns van M'rari was oor die raamwerk van die tabernakel, sy balke, sy pilare, sy voetstukke en al die bybehore sowel as al die diens wat daarby hoort
- 37 en die pilare van die voorhof rondom, hulle voetstukke, hulle penne en hulle toue.
- 38 Die wat voor die tabernakel moet kamp opslaan, aan die oostekant, voor die Tent van Ontmoeting, waar die son opkom, moet Mosheh en Aharon, met sy seuns wees, wat toesig hou oor die Afgesonderde plek en toesig hou oor die seuns van Yisra'el. Die vreemdeling wat naderkom, moet doodgemaak word.
- 39 Al die Leviëte wat getel is, wat Mosheh en Aharon, volgens die bevel van יְהוָה, volgens hulle families getel het, almal wat manlik was, van 'n maand oud en ouer, was twee en twintig duisend (22 000).

- 40 יהוה het vir Mosheh gesê: “Tel al die manlike eersgeborenes van die seuns van Yisra’el, van ’n maand oud en ouer en maak ’n lys van hulle name.
- 41 Jy moet vir My die Leviëte vat, Ek is יהוה, in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el en die vee van die Leviëte, in die plek van al die eersgeborenes van die vee van die seuns van Yisra’el.”
- 42 Mosheh het, soos יהוה hom beveel het, al die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el getel.
- 43 Al die manlike eersgeborenes volgens die getal name, van ’n maand oud en ouer, volgens die wat getel is, was twee en twintig duisend twee honderd drie en sewentig (22 273).
- 44 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 45 “Vat die Leviëte in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el en die vee van die Leviëte in die plek van hulle vee sodat die Leviëte Myne kan wees. Ek is יהוה.
- 46 Vir die loskoping van die twee honderd drie en sewentig, uit die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el, wat meer is as die Leviëte,
- 47 moet jy vyf sikkels per kop vat; volgens die sikkels van die Afgesonderde plek moet jy dit vat; die sikkels is twintig gerah.
- 48 Jy moet die loskoopgeld, van die wat onder hulle meer is, aan Aharon en sy seuns gee.”
- 49 Mosheh het die loskoopgeld gevat van die wat meer was as die wat deur die Leviëte losgekoop is;
- 50 van die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el het hy die geld gevat, duisend drie honderd vyf en sestig sikkels volgens die sikkels van die Afgesonderde plek.
- 51 Mosheh het die loskoopgeld vir Aharon en sy seuns gegee volgens die woord van יהוה, soos יהוה Mosheh beveel het.
- 4** יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 2 “Tel die koppe van die seuns van K’hat, vanuit die seuns van Levi, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise,
- 3 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat in diens tree, om werk by die Tent van Ontmoeting te doen.
- 4 Dit sal die dienswerk van die seuns van K’hat by die Tent van Ontmoeting wees, aangaande die volkome afgesonderde dinge.
- 5 Wanneer die kamp opbreek moet Aharon en sy seuns ingaan en die verdelingsgordyn afhaal en die ark van die Getuënis daarmee bedek
- 6 en hulle moet ’n dekkleed van dugongvelle daaroor sit en ’n doek, heeltemal van persblou materiaal, daar bo-oor uitsprei en sy pale insteek.
- 7 Hulle moet ook, oor die tafel van die brood van die Teenwoordigheid, ’n persblou doek uitsprei en daarop die skottels, die rookpanne, die bekere en die drankofferkanne neersit; ook moet die voortdurende brood van Teenwoordigheid daarop wees.
- 8 Daarna moet hulle ’n skarlakenrooi doek daaroor uitsprei en dit met ’n dekkleed van dugongvelle toemaak en sy pale insteek.

- 9 Hulle moet 'n persblou doek neem en die lampstaander vir beligting, met sy lampe, sy snuiters, sy bakkies en al sy oliekanne waarmee hulle dit bedien, toemaak.
- 10 Hulle moet dit met al sy bybehore op 'n dekkleed van dugongvelle neerlê en dit op die draagbaar sit.
- 11 Hulle moet 'n persblou kleed oor die goue altaar uitsprei en dit met 'n dekkleed van dugongvelle toemaak en sy pale insteek.
- 12 Hulle moet ook al die bybehore vat waarmee hulle in die Afgesonderde plek diens doen en dit op 'n persblou doek neerlê en met 'n dekkleed van dugongvelle toemaak en dit op die draagbaar sit.
- 13 Hulle moet die as van die altaar verwyder en 'n pers doek daaroor uitsprei.
- 14 Hulle moet al sy bybehore, waarmee hulle daarby diens doen, daarop neersit: die vuurpanne, die vurke, die skoppe, die komme, al die bybehore van die altaar en hulle moet daar 'n dekkleed van dugongvelle oor uitsprei en sy pale insteek.
- 15 Eers nadat Aharon en sy seuns, by die opbreek van die kamp, klaar is met die toemaak van die Afgesonderde voorwerpe en van al die bybehore van die Afgesonderde plek, moet die seuns van K'hat kom om dit te dra sodat hulle nie aan die afgesonderde dinge raak en hulle sterf nie. Hierdie dinge van die Tent van Ontmoeting is dit wat die seuns van K'hat moet dra.
- 16 El'azar, die seun van die priester Aharon, is verantwoordelik vir die olie vir die lampstaander, die reukwerk van speserye, die voortdurende graanoffer en die salfolie; die toesig oor die hele tabernakel en oor alles wat daarin is: die Afgesonderde plek en sy bybehore.”
- 17 יְהוָה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 18 “Moenie die stam van die families van K'hat onder die Leviëte afsny nie,
- 19 maar doen vir hulle dit sodat hulle lewe en nie sterf wanneer hulle die volledig afgesonderde dinge nader nie: Aharon en sy seuns moet ingaan en elkeen aanstel oor sy dienswerk en oor wat hy moet dra,
- 20 maar hulle moenie ingaan om te kyk na die afgesonderde dinge nie, selfs nie vir 'n oomblik nie, of hulle sal sterf.”
- 21 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 22 “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families,
- 23 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, moet jy hulle tel, almal wat in diens tree om werk by die Tent van Ontmoeting te doen.
- 24 Dit is die dienswerk van die families van Gershon by die bediening en by die dra:
- 25 hulle moet die gordyne van die tabernakel dra, ook die Tent van Ontmoeting, sy dekkleed en die dekkleed van dugongvelle wat daar bo-oor is en die gordyn vir die ingang van die Tent van Ontmoeting,
- 26 die gordyne van die voorhof en die gordyn vir die ingang van die poort van die voorhof, wat rondom die tabernakel en die altaar is en hulle toue sowel as al die bybehore wat by die bediening daarvan hoort en alles wat daarvoor gedoen moet word, moet hulle doen.

- 27 Al die dienswerk van die seuns van Gershon, alles wat hulle moet dra en al hulle diens, moet wees volgens die bevel van Aharon en sy seuns en julle moet hulle verantwoordelikheid van hulle drawerk aanwys.
- 28 Dit is die dienswerk vir die families van die seuns van die Gershoniete by die Tent van Ontmoeting. Hulle toesig sal wees onder die hand van Itamar, die seun van Aharon, die priester. ^{Eks 38:12}
- 29 Wat die seuns van M'rari betref; jy moet hulle tel, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise,
- 30 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, moet jy hulle tel, almal wat in diens tree om werk by die Tent van Ontmoeting te doen.
- 31 Dit is hulle verantwoordelikheid wat hulle moet dra volgens al hulle dienswerk by die Tent van Ontmoeting: die planke van die tabernakel met sy pale, sy pilare, sy voetstukke,
- 32 die pilare van die voorhof rondom, met hulle voetstukke, hulle penne en hulle toue, al die bybehore sowel as alles wat by die bediening daarvan hoort en jy moet aan elkeen, by name, die bybehore, wat sy verantwoordelikheid is om te dra, aanwys.
- 33 Dit is die dienswerk vir die families van die seuns van M'rari, al hulle diens by die Tent van Ontmoeting, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester." ^{Eks 38:21}
- 34 Mosheh en Aharon en die leiers van die vergadering het die seuns van K'hat getel volgens hulle families en volgens hulle vaders se huise;
- 35 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening by die Tent van Ontmoeting te doen
- 36 en die wat getel is, volgens hulle families, is twee duisend sewe honderd en vyftig (2 750).
- 37 Dit is die wat getel is van die families van K'hat, almal wat by die Tent van Ontmoeting gedien het, wat Mosheh en Aharon, volgens die opdrag van יְהוָה, deur die hand van Mosheh getel het.
- 38 Die wat getel is van die seuns van Gershon volgens hulle families en volgens hulle vaders se huise,
- 39 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening by die Tent van Ontmoeting te doen,
- 40 die wat getel is, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise: twee duisend ses honderd en dertig (2 630).
- 41 Dit is die wat getel is van die geslagte van Gershon se seuns, almal wat by die Tent van Ontmoeting gedien het, wat Mosheh en Aharon, volgens die opdrag van יְהוָה, getel het.
- 42 Die wat getel is van die families van M'rari se seuns, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise,
- 43 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening by die Tent van Ontmoeting te doen,
- 44 die van hulle wat getel is, volgens hulle families: (3 200) drie duisend twee honderd.

- 45 Dit is die wat getel is van die families van M'rari se seuns, wat Mosheh en Aharon volgens die opdrag van יְהוָה, deur die hand van Mosheh, getel het.
- 46 Al die Leviete wat Mosheh, Aharon en die leiers van Yisra'el getel het, volgens hulle families en volgens hulle vaders se huise,
- 47 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening en die werk van dra by die Tent van Ontmoeting te doen,
- 48 hulle is getel as agt duisend vyf honderd en tagtig (8 580).
- 49 Deur die opdrag van יְהוָה, deur die hand van Mosheh is hulle getel, elkeen volgens sy dienswerk of sy drawerk; dit is die getelde manne, soos יְהוָה Mosheh beveel het.

- 5 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Beveel die seuns van Yisra'el om al die melaatses, almal wat 'n uitskeiding het en almal wat deur 'n lyk onrein is, uit die kamp uit weg te stuur.
- 3 Man sowel as vrou moet julle uitstuur; jy moet hulle buitekant die kamp uitstuur sodat hulle nie hul kamp onrein maak waar Ek tussen hulle bly nie.”
- 4 Die seuns van Yisra'el het so gedoen en hulle buitekant die kamp uitgestuur, soos יְהוָה met Mosheh gepraat het, so het die seuns van Yisra'el gedoen.
- 5 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 6 “Praat met die seuns van Yisra'el: as 'n man of vrou enige sonde doen, wat die mens doen uit ontrouheid teenoor יְהוָה en dié persoon is skuldig,
- 7 dan moet hulle hul sonde wat hulle gedoen het, erken en daarmee breek. Hy moet sy oortreding herstel en 'n vyfde deel daarvan bysit en hy moet dit aan dié een gee wat hy te na gekom het,
- 8 maar as die man geen familie het aan wie die skuld teruggegee kan word nie, behoort die skuld wat teruggegee moet word aan יְהוָה; dus aan die priester, bo en behalwe die ram van toedekking waarmee toedekking vir hom gedoen word.
- 9 Alle offers van al die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra'el wat hulle na die priester bring, sal syne wees.
- 10 Elkeen se afgesonderde geskenke moet syne wees: wat iemand ook al aan die priester gee, sal syne wees.”
- 11 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 12 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘As iemand se vrou wegdraai en ontrou is teenoor hom
- 13 en 'n man met haar gemeenskap het, maar dit is weggesteek vir die oë van haar man en sy is nie gevang nie en dit is onbekend alhoewel sy haarself onrein gemaak het en daar was geen getuie teen haar en sy nie betrap is in die daad nie,
- 14 as daar 'n gees van jaloersheid oor hom kom sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar onrein gemaak het; of 'n gees van jaloersheid kom oor hom sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haarself nie onrein gemaak het nie;
- 15 dan moet die man sy vrou na die priester bring. Hy moet die offer vir haar saambring: 'n tiende van 'n efa garsmeel; hy moet daar geen olie op gooi en geen wierook daar bysit nie, want dit is 'n graanoffer van jaloesie, 'n offer van herinnering wat die skuld onthou.

- 16 Die priester moet haar laat naderkom en haar voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan.
- 17 Die priester moet afgesonderde water in 'n erdepot vat en van die stof wat op die vloer van die tabernakel is, in die water gooi.
- 18 Die priester moet die vrou voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan, die vrou se hare laat los hang en die herinneringsoffer op haar hande sit. Dit is 'n graanoffer van jaloesie. In die hand van die priester sal die bitter water wees, wat 'n vloek bring.
- 19 Die priester moet haar onder eed plaas en aan die vrou sê: 'As geen man by jou gelê het en jy nie afgedraai het na onreinheid terwyl jy onder jou man se outoriteit was nie, wees dan vry van hierdie bitter water wat 'n vloek bring,
- 20 maar as jy terwyl jy onder jou man se outoriteit was, afgedraai en jou onrein gemaak het deurdat 'n man, behalwe jou eie man, by jou gelê het;'
- 21 [dan moet die priester die vrou laat sweer onder die eed van vervloeking en die priester moet aan die vrou sê:] 'יהוה' maak jou tot 'n vervloeking en 'n vloek onder jou volk, deurdat יהוה jou heup laat inval en jou buik laat opswel
- 22 en hierdie water wat die vloek bring, sal in jou maag ingaan en jou buik laat opswel en jou heup laat inval.' Dan moet die vrou sê: 'Dit is ewiglik waar!'
- 23 Die priester moet dan hierdie vervloekinge op 'n boekrol skryf en dit in die bitter water afwas
- 24 en hy moet die vrou die bitter water, wat die vloek bring, laat drink sodat die water wat die vloek bring, in haar kan ingaan en bitter word.
- 25 Die priester moet die graanoffer van jaloesie uit die hand van die vrou vat en die graanoffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waai en dit na die altaar toe bring.
- 26 Die priester moet ook van die graanoffer 'n handvol, as die deel van herdenking, vat en dit op die altaar in rook laat opgaan en daarna moet hy die vrou die water laat drink.
- 27 Wanneer hy haar die water laat drink het, dan sal dit wees dat as sy haar onrein gemaak het en ontrou was teenoor haar man, die water wat die vloek bring, in haar sal ingaan en bitter word en haar buik sal opswel en haar heup inval en die vrou sal onder haar volk 'n vervloeking wees,
- 28 maar as die vrou haar nie onrein gemaak het nie, maar rein is, sal sy vry wees en kinders kry.'
- 29 Dit is die wet oor jaloesie wanneer 'n vrou afdraai terwyl sy onder haar man se outoriteit is en haarself onrein maak,
- 30 of as die gees van jaloesie oor 'n man kom en hy op sy vrou jaloers word, dan moet hy die vrou voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan en die priester moet met haar handel volgens hierdie hele wet.
- 31 Die man sal vry wees van skuld, maar dié vrou sal haar skuld dra."

6 יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'As 'n man of 'n vrou 'n buitengewone eed aflê, die eed van 'n Natzir, om hulself aan יהוה toe te wy,

- 3 moet hy hom van wyn en sterk drank weerhou; wynasyn en asyn van sterk drank mag hy nie drink nie. Hy mag ook geen druiwesap drink nie en geen vars of gedroogde druiwe eet nie. ^{Rig 13:7}
- 4 Al die dae van sy afsonderingskap mag hy niks eet van enige iets wat van die wynstok gemaak is nie, van die pitte tot die doppe.
- 5 Al die dae van die eed van sy afsonderingskap mag geen skeermes oor sy kop gaan nie. Totdat die dae om is, waarvoor hy hom aan יהוה toewy, moet hy afgesonderd wees; hy moet die haarlokke van sy kop laat groei.
- 6 Al die dae dat hy hom aan יהוה toegewy het, mag hy nie naby 'n dooie kom nie.
- 7 Hy sal homself nie onrein maak vir die dood van sy vader of sy moeder, sy broer of sy suster nie, want sy toewyding tot God is op sy kop.
- 8 Al die dae van sy afsondering is hy afgesonderd tot יהוה.
- 9 As iemand heeltemal onverwags naby hom sterf sodat hy sy toegewyde kop met hare verontreinig, moet hy op die dag van sy reiniging sy kop skeer; op die sewende dag moet hy dit skeer
- 10 en op die agtste dag moet hy twee tortelduiwe of twee jong duiwe na die priester, na die ingang van die Tent van Ontmoeting, bring.
- 11 Die priester moet een as sondoffer en een as brandoffer offer en vir hom toedekking doen vir wat hy as gevolg van die dooie gesondig het en hy moet sy kop op dieselfde dag afsonder.
- 12 Hy moet sy dae as Natzir aan יהוה toewy en 'n lam in sy eerste jaar as oortredingsoffer bring en die vorige dae is verlore omdat sy afsondering onrein gemaak is.
- 13 Dit is die wet van die Natzir: wanneer die dae van sy afsonderingskap voltooi is, moet hy na die ingang van die Tent van Ontmoeting gebring word
- 14 en hy moet sy offer aan יהוה bring: een lam, in sy eerste jaar, sonder gebrek, as brandoffer, een ooilam, in haar eerste jaar, sonder gebrek, as sondoffer, een ram, sonder gebrek, as vredesoffer,
- 15 'n mandjie ongesuurde koeke, van fyn meel, gemeng met olie, ongesuurde platkoeke, met olie gesmeer en die graanoffer en die vredesoffers wat daarby hoort.
- 16 Die priester moet dit voor יהוה bring en die sondoffer en brandoffer vir hom offer
- 17 en hy moet ook die ram as vredesoffer aan יהוה offer saam met die mandjie ongesuurde koeke en die priester moet die graanoffer en drankoffer vir hom offer.
- 18 Die Natzir moet sy toegewyde kop skeer by die ingang van die Tent van Ontmoeting en die hare van sy toegewyde kop vat en dit op die vuur gooi, wat onder die vredesoffer is.
- 19 Die priester moet die gekookte blad van die ram vat en een ongesuurde koek uit die mandjie en een ongesuurde platkoek en hy moet hulle op die hande van die Natzir sit nadat dié sy toegewyde hare afgeskeer het.
- 20 Die priester moet dit waai as waaioffer voor יהוה. Dit is afgesonderd vir die priester, saam met die bors van die waaioffer en die boud van die opligoffer, daarna mag die Natzir wyn drink.
- 21 Dit is die wet vir die Natzir wat sy offer aan יהוה beloof, op grond van sy afsondering, behalwe wat sy hand kan bekostig. Volgens sy eed wat hy afgelê het, só moet hy doen volgens die wet van sy afsondering.*** Lev 27:1-8; Hand 21:24

22 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

23 “Praat met Aharon en sy seuns en sê: ‘Op die manier moet julle die seuns van Yisra’el seën. Sê vir hulle:

24 יהוה seën jou en onderhou jou;

25 יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns;

26 יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.”

27 So sal hulle My Karakter en Outoriteit (Naam) op die seuns van Yisra’el lê en Ék sal hulle seën.”””

7 1 Op die dag toe Mosheh die tabernakel klaar opgerig het, het hy dit gesalf en afgesonder, met al sy bybehore en die altaar met al sy bybehore; hy het dit gesalf en ook afgesonder.

2 Toe het die leiers van Yisra’el, die hoofde van hulle vaders se huise, die leiers van die stamme, wat oor hulle wat getel is, gestaan het, offers gebring.

3 Hulle het hul offers voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring: ses tentwaens en twaalf beeste; ’n wa vir twee leiers en ’n bees vir elkeen en hulle het dit voor die tabernakel aangebied.

4 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

5 “Ontvang dit van hulle sodat dit gebruik kan word in die dienswerk van die Tent van Ontmoeting en jy moet dit aan die Leviëte gee, aan elkeen volgens sy dienswerk.”

6 Mosheh het die waens en die beeste gevat en dit aan die Leviëte gegee:

7 twee waens en vier beeste het hy aan die seuns van Gershon gegee, volgens hulle dienswerk;

8 vier waens en agt beeste het hy aan die seuns van M’rari gegee, volgens hulle dienswerk, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester,

9 maar aan die seuns van K’hat het hy niks gegee nie, want die diens van die afgesonderde dinge het op hulle gerus: hulle moes dit op die skouers dra. ^{2 Sh'm 6:3,6}

10 Die leiers het die inwydingsgawe van die altaar gebring op die dag toe dit gesalf is en die leiers het hulle offer voor die altaar aangebied.

11 יהוה het vir Mosheh gesê: “Hulle moet hulle offers bring, een leier elke dag, vir die inwyding van die altaar.

12 Hy wat op die eerste dag sy offer gebring het, was Nagshon, die seun van `Amminadav, van die stam van Y’udah.

13 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;

14 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

15 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;

16 een bokram, as sondoffer

17 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Nagshon, die seun van `Amminadav.

- 18 Op die tweede dag het N'tan'el, die seun van Tzu'ar, die leier van Yissakhar, sy offer aangebied.
- 19 Vir sy offer het hy geoffer: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 20 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 21 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 22 een bokram as sondoffer
- 23 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lamms in hul eerste jaar. Dit was die offer van N'tan'el, die seun van Tzu'ar.
- 24 Op die derde dag het Eli'av, die seun van Helon, die leier van die seuns van Z'vulun 'n offer aangebied.
- 25 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 26 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 27 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 28 een bokram as sondoffer
- 29 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lamms in hul eerste jaar. Dit was die offer van Eli'av, die seun van Helon.
- 30 Op die vierde dag het Elitzur, die seun van Sh'de'ur, die leier van die seuns van Re'uven 'n offer aangebied.
- 31 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 32 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 33 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 34 een bokram as sondoffer
- 35 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lamms in hul eerste jaar. Dit was die offer van Elitzur, die seun van Sh'de'ur.
- 36 Op die vyfde dag het Shlumi'el, die seun van Tzurishaddai, die leier van die seuns van Shim'on 'n offer aangebied.
- 37 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 38 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 39 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 40 een bokram as sondoffer
- 41 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lamms in hul eerste jaar. Dit was die offer van Shlumi'el, die seun van Tzurishaddai.
- 42 Op die sesde dag het Elyasaf, die seun van Re'u'el, die leier van die seuns van Gad 'n offer aangebied.

- 43 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 44 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 45 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 46 een bokram as sondoffer
- 47 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Elyasaf, die seun van Re'u'el.
- 48 Op die sewende dag het Elishama, die seun van 'Ammihud, die leier van die seuns van Efrayim 'n offer aangebied.
- 49 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 50 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 51 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 52 een bokram as sondoffer
- 53 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Elishama, die seun van 'Ammihud.
- 54 Op die agtste dag het Gamli'el, die seun van P'dahtzur, die leier van die seuns van M'nasheh 'n offer aangebied.
- 55 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 56 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 57 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 58 een bokram as sondoffer
- 59 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Gamli'el, die seun van P'dahtzur.
- 60 Op die negende dag het Avidan, die seun van Gid'oni, die leier van die seuns van Binyamin 'n offer aangebied.
- 61 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 62 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
- 63 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
- 64 een bokram as sondoffer
- 65 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Avidan, die seun van Gid'oni.
- 66 Op die tiende dag het Agi'ezer, die seun van 'Ammishaddai, die leier van die seuns van Dan 'n offer aangebied.
- 67 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
- 68 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

- 69 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
 - 70 een bokram as sondoffer
 - 71 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Agi'ezer, die seun van 'Ammishaddai.
 - 72 Op die elfde dag het Pag'i'el, die seun van 'Okhran, die leier van die seuns van Asher 'n offer aangebied.
 - 73 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
 - 74 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
 - 75 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
 - 76 een bokram as sondoffer
 - 77 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Pag'i'el, die seun van 'Okhran.
 - 78 Op die twaalfde dag het Agira, die seun van 'Enan, die leier van die seuns van Naftali 'n offer aangebied.
 - 79 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
 - 80 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
 - 81 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
 - 82 een bokram as sondoffer
 - 83 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Agira, die seun van 'Enan.
 - 84 Dit was die inwydingsoffer vir die altaar vanaf Yisra'el se leiers op die dag toe dit gesalf is: twaalf silwer borde, twaalf silwer komme, twaalf goue panne,
 - 85 elke bord honderd en dertig sikkels silwer en elke kom sewentig; al die silwer van die artikels was twee duisend vier honderd sikkels, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek;
 - 86 twaalf goue panne, vol reukwerk; elke pan tien sikkels volgens die sikkels van die Afgesonderde plek; al die goud van die panne was honderd en twintig sikkels.
 - 87 Al die beeste vir die brandoffer was twaalf bulle; die ramme was twaalf, die lammers in hul eerste jaar twaalf, saam met hulle graanoffer en twaalf bokramme as sondoffer.
 - 88 Al die beeste vir die vredesoffer was vier en twintig bulle; die ramme sestig, die bokramme sestig en die lammers in hul eerste jaar sestig. Dit is die inwyding van die altaar nadat dit gesalf is.
 - 89 Wanneer Mosheh in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met Hom te praat, het hy die Stem met hom hoor praat van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, van tussen die twee gérubs uit. So het Hy met hom gepraat.
- 8 יְהוָה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 "Praat met Aharon en sê vir hom: 'As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.'"

- 3 Aharon het so gedoen: hy het die lampe opgestel om na die voorkant van die lampstaander te wys, soos יהוה Moshéh beveel het.
- 4 Die vakmanskap van die lampstaander was geslaande goud; van sy voetstuk tot sy blomme was geslaan; volgens die bloudrukplan wat יהוה vir Moshéh gewys het, so het hy die lampstaander gemaak.
- 5 יהוה het met Moshéh gepraat en gesê:
- 6 “Wat die Leviëte onder die seuns van Yisra’el uit en reinig hulle.
- 7 So moet jy met hulle doen om hulle te reinig: sprinkel reinigingswater op hulle en hulle moet ’n skeermes oor hulle hele liggaam laat gaan en hulle klere was en hulle sal daardeur rein wees.
- 8 Laat hulle ’n jong bul vat saam met die graanoffer van fyn meel met olie gemeng wat daarby hoort; jy moet ook ’n ander jong bul as sondoffer vat.
- 9 Jy moet die Leviëte voor die Tent van Ontmoeting aanbied en die hele vergadering van die seuns van Yisra’el bymekaarmaak.
- 10 Jy moet die Leviëte voor die Teenwoordigheid van יהוה laat kom en die seuns van Yisra’el moet hulle hande op die Leviëte lê
- 11 en Aharon moet die Leviëte as waaioffer voor יהוה aanbied, namens die seuns van Yisra’el, om te kwalifiseer vir die diens van יהוה.
- 12 Die Leviëte moet hulle hande op die koppe van die bulle lê en jy moet die een as sondoffer offer en die ander as brandoffer tot יהוה, om vir die Leviëte toedekking te doen.
- 13 Jy moet die Leviëte voor Aharon en sy seuns laat staan en hulle as waaioffer tot יהוה offer.
- 14 So moet jy die Leviëte van onder die seuns van Yisra’el uit afsonder en die Leviëte sal Myne wees.
- 15 Daarna mag die Leviëte ingaan om in die Tent van Ontmoeting te dien, maar jy moet hulle reinig en hulle aanbied as waaioffer,
- 16 want hulle is volledig aan My gegee vanuit die seuns van Yisra’el; Ek het hulle vir Myself gevat in die plek van alles wat die baarmoeder open; al die eersgeborenes uit die seuns van Yisra’el,
- 17 want al die eersgeborenes onder die seuns van Yisra’el is Myne, van mense en van diere; op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Mitzrayim neergeslaan het, het Ek hulle vir My afgesonder.
- 18 Ek het die Leviëte in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el gevat
- 19 en die Leviëte as ’n geskenk vir Aharon en sy seuns, vanuit die seuns van Yisra’el, gegee om in diens van die seuns van Yisra’el in die Tent van Ontmoeting te dien en om toedekking te doen vir die seuns van Yisra’el sodat daar geen plaag mag wees onder die seuns van Yisra’el as die seuns van Yisra’el naby die Afgesonderde plek kom nie.”
- 20 So het Moshéh, Aharon en die hele vergadering van die seuns van Yisra’el met die Leviëte gedoen volgens wat יהוה Moshéh aangaande die Leviëte beveel het; so het die seuns van Yisra’el met hulle gedoen.

- 21 Die Leviëte het hulleself ook gereinig van sonde, hulle klere gewas en Aharon het hulle aangebied as 'n waaioffer voor יהוה en Aharon het toedekking vir hulle gedoen om hulle te reinig.
 - 22 Daarna het die Leviëte ingekom in die Tent van Ontmoeting om hulle dienswerk voor Aharon en sy seuns te doen; soos יהוה Mosheh aangaande die Leviëte beveel het, so het hulle met hulle gedoen.
 - 23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
 - 24 “Hierdie is wat op die Leviëte van toepassing is: van vyf en twintig jaar oud en ouer moet hulle kom om in te gaan en die dienswerk van die Tent van Ontmoeting te doen,
 - 25 maar van vyftig jaar oud af moet hulle uittree uit die dienslewering en nie meer werk nie.
 - 26 Hulle kan saam met hulle broers in die Tent van Ontmoeting toesig hou, maar hulle sal geen werk self doen nie. So moet jy met die Leviëte doen aangaande hulle verantwoordelikheid.”
- 9 יהוה 1 het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai; in die tweede jaar nadat hulle uit Mitzrayim uitgetrek het, in die eerste maand en gesê:
- 2 “Laat die seuns van Yisra’el nou die Pesag op sy bepaalde tyd hou.
 - 3 Op die veertiende dag van hierdie maand, tussen die twee sonsondergange, moet julle dit op die bepaalde tyd hou; volgens al sy reëls en al sy bepalings moet julle dit hou.”
 - 4 Mosheh het met die seuns van Yisra’el gepraat dat hulle die Pesag moet hou.
 - 5 Hulle het die Pesag gehou op die veertiende dag van die eerste maand, tussen die twee sonsondergange, in die wildernis van Sinai; net soos יהוה Mosheh beveel het, so het die seuns van Yisra’el gedoen.
 - 6 Daar was egter manne wat deur die lyk van ’n mens onrein geword het sodat hulle nie die Pesag op daardie dag kon hou nie en hulle het op daardie dag voor Mosheh en Aharon gekom.
 - 7 Daardie manne het vir hom gesê: “Alhoewel ons onrein is deur ’n dooie mens; waarom word ons verhoed om die offer van יהוה op die bepaalde tyd onder die seuns van Yisra’el te offer?”
 - 8 Mosheh het vir hulle gesê: “Wag en ek sal hoor wat יהוה aangaande julle beveel.”
 - 9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
 - 10 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘As iemand van julle of van julle nageslag deur ’n lyk onrein word of op ’n ver reis is, mag hy steeds die Pesag tot יהוה hou.
 - 11 In die tweede maand, op die veertiende dag, tussen die twee sonsondergange, moet hulle dit hou; met ongesuurde brode en bitter kruie moet hulle dit eet. ^{2 Kro 30:2}
 - 12 Hulle mag niks daarvan laat oorbly tot die oggend toe of ’n been daaraan breek nie; volgens die hele instelling van die Pesag moet hulle dit hou, ^{Yog 19:33,36}
 - 13 maar die man wat rein is en nie op reis is nie en nalaat om die Pesag te hou, dié persoon moet van sy volksgenote afgesny word, want hy het die offer van יהוה nie op die bepaalde tyd gebring nie. Dié man sal sy sonde dra.

- 14 As 'n besoeker by julle bly en die Pesag tot יְהוָה wil hou, moet hy dit hou volgens die reëls van die Pesag en volgens die bepalings daarvan. Julle sal een reël hê vir die besoeker, sowel as vir die kind van die land.”
- 15 Op die dag toe hulle die tabernakel opgerig het, het die wolk die tabernakel, die tent van die Getuienis, oordek en vanaf die aand tot die oggend toe was dit oor die tabernakel soos 'n verskynsel van vuur.
- 16 So was dit altyd: die wolk het dit bedags oordek en snags 'n verskynsel van vuur.
- 17 Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die seuns van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die seuns van Yisra'el kamp opgeslaan.
- 18 Deur die opdrag van יְהוָה het die seuns van Yisra'el weggetrek en deur die opdrag van יְהוָה kamp opgeslaan; vir soveel dae as die wolk oor die tabernakel gebly het, het hulle gekamp.
- 19 Selfs wanneer die wolk vir baie dae oor die tabernakel bly, het die seuns van Yisra'el die leiding van יְהוָה waargeneem en nie weggetrek nie.
- 20 So was dit, as die wolk 'n paar dae oor die tabernakel bly, volgens die opdrag van יְהוָה, het hulle kamp opgeslaan en volgens die opdrag van יְהוָה, het hulle weggetrek.
- 21 So was dit as die wolk gebly het van die aand tot die oggend toe, as die wolk in die oggend opgelig is, het hulle weggetrek; of by dag of by nag, as die wolk opgelig word, het hulle weggetrek.
- 22 Of dit twee dae, 'n maand of 'n jaar was wat die wolk oor die tabernakel gebly het, die seuns van Yisra'el het in die kamp gestaan en nie weggetrek nie, maar as dit opgelig word, het hulle weggetrek.
- 23 Deur die opdrag van יְהוָה het hulle kamp opgeslaan en deur die opdrag van יְהוָה het hulle weggetrek. Hulle het die voorskrif van יְהוָה gehou, deur die opdrag van יְהוָה, deur die hand van Mosheh.

10 ¹ יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 “Maak vir jou twee silwer trompette; van slaanwerk moet jy dit maak. Hulle sal wees om die vergadering byeen te roep en om die kampe te laat opbreek.
- 3 Wanneer albei geblaas word, moet die hele vergadering by jou bymekaarkom, by die ingang van die Tent van Ontmoeting
- 4 en as hulle op een blaas, moet die leiers, die hoofde van die afdelings van Yisra'el, by jou bymekaarkom.
- 5 Wanneer julle die alarm blaas, moet die kampe opbreek wat aan die oostekant staan.
- 6 Wanneer julle die tweede keer die alarm blaas, moet die kampe opbreek wat aan die suidekant staan. Die alarm moet vir hulle geblaas word om op te breek.
- 7 Wanneer die vergadering bymekaar moet kom, moet julle blaas, maar nie alarm maak nie.
- 8 Die seuns van Aharon, die priesters, moet die trompette blaas en dié moet vir julle 'n ewige instelling in al julle geslagte wees.

- 9 Wanneer julle in jul land in oorlog kom teen die vyand wat julle aanval, moet julle met die trompette 'n alarm blaas; dan sal julle onthou word voor יְהוָה, julle God en julle sal van jul vyande verlos word.
- 10 Ook op die dag van julle oorweldigende blydschap, op julle vasgestelde feeste en by die begin van julle maande moet julle die trompette blaas oor jul brandoffers en oor die offerandes van julle vredesoffers: hulle sal 'n herinnering wees vir julle voor julle God. Ek is יְהוָה, julle God.”
- 11 Dit het gebeur dat op die twintigste van die maand, in die tweede maand, in die tweede jaar, die wolk opgelig is van die tabernakel van die Getuienis af
- 12 en die seuns van Yisra'el het weggetrek uit die wildernis van Sinai op hulle reise en die wolk het tot rus gekom in die wildernis van Pa'ran.
- 13 So het hulle dan die eerste keer weggetrek volgens die opdrag van יְהוָה, deur die hand van Mosheh.
- 14 Die banier van die kamp van die seuns van Y'hudah, volgens hulle leërafdelings het eerste weggetrek, met Nagshon, die seun van 'Amminadav, oor sy leërafdeling.
- 15 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Yissakhar was N'tan'el, die seun van Tzu'ar.
- 16 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Z'vulun was Eli'av, die seun van Helon.
- 17 Die tabernakel is afgebreek en die seuns van Gershon en die seuns van M'rari het weggetrek en die tabernakel gedra.
- 18 Volgende het die banier van die kamp van Re'uven weggetrek, volgens hulle leërafdelings met Elitzur, die seun van Sh'de'ur, oor sy leërafdeling.
- 19 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Shim'on was Shlumi'el, die seun van Tzurishaddai.
- 20 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Gad was Elyasaf, die seun van Re'u'el.
- 21 Toe het die K'hati, die draers van die Afgesonderde plek, weggetrek. Die tabernakel is vir hulle opgeslaan voor hulle aankoms.
- 22 Volgende het die banier van die kamp van die seuns van Efrayim, volgens hulle leërafdelings, weggetrek met Elishama, die seun van 'Ammihud, oor sy leërafdeling.
- 23 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van M'nasheh was Gamli'el, die seun van P'dahtzur.
- 24 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Binyamin was Avidan, die seun van Gid'oni.
- 25 Toe het die banier van die kamp van die seuns van Dan weggetrek wat, volgens hulle leërafdelings, die agterhoede vir al die leërs was; met Agi'ezer, die seun van 'Ammishaddai oor sy leërafdeling.
- 26 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Asher was Pag'i'el, die seun van 'Okhran.
- 27 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Naftali was Agira, die seun van 'Enan.

- 28 Dit was die volgorde van die reise van die seuns van Yisra'el, volgens hulle leërafdelings, wanneer hulle weggetrek het.
- 29 Mosheh het vir Hovav, die seun van Re'u'el, die Midyani, skoonvader van Mosheh, gesê: “Ons trek na die plek waarvan יְהוָה gesê het: “Ek sal dit vir julle gee. Trek saam met ons en ons sal jou goed behandel, want יְהוָה het goed oor Yisra'el belowe.”
- 30 Hy het vir hom gesê: “Ek sal nie kom nie, maar ek sal weggaan na my land en my familie toe.” ^{Rig 4:11}
- 31 Hy sê: “Moet asseblief nie gaan nie, aangesien jy weet waar ons moet kamp opslaan in die wildernis en jy sal vir ons soos oë wees.
- 32 As jy met ons saamtrek sal dit inderdaad so wees dat watter goeie יְהוָה ook al vir ons sal doen, so sal ons vir jou doen.”
- 33 Hulle het van die berg van יְהוָה af vertrek op 'n reis van drie dae met die verbondsark van יְהוָה wat vir die drie dae se reis voor hulle uit getrek het om vir hulle 'n rusplek uit te soek.
- 34 Die wolk van יְהוָה was bedags oor hulle as hulle uit die kamp wegtrek.
- 35 Wanneer die ark wegtrek, het Mosheh gesê: “Staan op, O יְהוָה, laat U vyande verstrooi word en die wat U haat voor U wegvlug.”
- 36 Wanneer dit rus, het hy gesê: “Keer terug, O יְהוָה, na die menigte van die duisende van Yisra'el!”
- 11** 1 Die volk het geword soos mense wat kla van swaarkry voor die ore van יְהוָה en toe יְהוָה dit gehoor het, het Sy woede ontbrand. Die vuur van יְהוָה het onder hulle gebrand en sommige aan die kant van die kamp verteer.
- 2 Die volk het daarom na Mosheh uitgeroep en Mosheh het ingetree by יְהוָה en die vuur is geblus.
- 3 Die naam van die plek is Tav'erah genoem omdat die vuur van יְהוָה tussen hulle gebrand het.
- 4 Die gemengde bevolking wat onder hulle was, het gierige begeertes gehad. Die seuns van Yisra'el het weer gehuil en gesê: “Wie sal vir ons vleis gee om te eet?
- 5 Ons onthou die vis wat ons vrylik in Mitzrayim kon eet, die komkommers, die waatlemoene, die preie, die uie en die knoffel,
- 6 maar nou is ons eetlus opgedroog; daar is glad niks om na te kyk nie, behalwe net die ‘man hu’ voor ons oë.” ^{Eks 16:4,15; Ps 105:40; Yog 6:32}
- 7 Die ‘man hu’ was soos koljandersaad en dit het gelyk soos boomgom.
- 8 Die volk het rondgegaan en dit bymekaargemaak en op maaltene gemaal of in vysels gestamp, dit in panne gekook en koeke daarvan gemaak. Die smaak daarvan was soos die smaak van koeke gebak in olie.
- 9 Wanneer die dou snags op die kamp val, het die ‘man hu’ saam met dit geval.
- 10 Mosheh het die volk hoor huil, regdeur hulle families, elkeen by die deur van sy tent en die woede van יְהוָה het grootliks ontbrand en Mosheh was ontevrede.
- 11 Mosheh sê vir יְהוָה: “Waarom het U U kneg kwaad aangedoen en waarom het ek geen guns in U oë gevind nie dat U die las van hierdie hele volk op my lê?

- 12 Het ék al hierdie mense verwek? Of het ék geboorte aan hulle gegee dat U vir my sê: 'Dra hulle, soos 'n versorger die suigeling kind dra, in jou drasak na die land wat U aan hulle vaders met 'n eed beloof het?'
- 13 Waar moet ek vleis kry om vir al hierdie mense te gee? Want hulle huil by my en sê: 'Gee vir ons vleis sodat ons kan eet.'
- 14 Ek is nie in staat om al hierdie mense alleen te dra nie, want hulle is vir my te swaar.
- 15 As U so met my werk, maak my asseblief dadelik dood en vernietig my as ek guns in U oë gevind het en laat ek nie my ellende sien nie."
- 16 יהוה sê vir Mosheh: "Bring vir My sewentig manne uit die oudstes van Yisra'el bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en toesighouers oor hulle is. Bring hulle na die Tent van Ontmoeting en laat hulle daar by jou staan.
- 17 Ek sal dan afkom en daar met jou praat en van die Gees, wat op jôu is, sal Ek op hulle lê en hulle sal saam met jou die las van die volk dra sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.
Eks 18:13-26; Yog 14:17
- 18 Vir die volk moet jy sê: 'Sonder julle af teen môre en julle sal vleis eet, want julle het in die ore van יהוה gehuil en gesê: 'Wie sal vir ons vleis gee om te eet, want dit het goed met ons gegaan in Mitzrayim?' יהוה sal daarom vir julle vleis gee en julle sal eet.
- 19 Julle sal nie een dag of twee dae of vyf dae of tien dae of twintig dae eet nie,
- 20 maar 'n hele maand lank totdat dit uit julle neusgate uitkom en vir julle walglik word omdat julle יהוה, wat tussen julle is, verwerp het en voor Hom gehuil en gesê het: 'Hoekom het ons ooit uit Mitzrayim opgetrek?' "
- 21 Mosheh sê egter: "Die mense waartussen ek is, is ses honderd duisend mans te voet, tog het U gesê: 'Ek sal vir hulle vleis gee en hulle sal 'n maand lank eet!'
- 22 Sal daar vir hulle kleinvee- en beestroppe geslag word om genoeg vir hulle te voorsien? Of sal al die visse van die see vir hulle bymekaar gemaak word, om vir hulle genoeg te voorsien?"
- 23 יהוה sê vir Mosheh: "Is die krag van יהוה beperk? Nou sal jy sien of My woord vir jou sal gebeur of nie."
- 24 Mosheh het uitgegaan en die woorde van יהוה aan die volk gebring en hy het sewentig manne uit die oudstes van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die Tent laat staan.
- 25 יהוה het afgekom in die wolk en met hom gepraat en Hy het van die Gees wat op hom was, op die sewentig oudstes gelê en dit het gebeur dat toe die Gees op hulle rus, hulle geprofeteer het, maar nie weer daarna nie.
- 26 Twee manne het egter in die kamp agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad en die Gees het op hulle gerus. Hulle was onder die wat opgeskrywe was, maar het nie uitgegaan na die Tent toe nie en hulle het in die kamp geprofeteer.
- 27 'n Jongman het gehardloop en dit aan Mosheh vertel en gesê: "Eldad en Medad profeteer in die kamp."
- 28 Y'hoshua, die seun van Nun, van sy jeug af die dienaar van Mosheh, antwoord en sê: "Mosheh, my meester, stop hulle!"

- 29 Mosheh sê vir hom: "Is jy jaloers vir my onthalwe? Ag, dat die hele volk van יְהוָה profete was en dat יְהוָה Sy Gees op hulle mag gee!" ^{Hand 2:4}
- 30 Mosheh en die oudstes van Yisra'el het teruggegaan in die kamp in.
- 31 'n Wind het vanuit יְהוָה gekom en kwartels van die see af oorgebring en hulle naby die kamp laat val, omtrent 'n dagreis hier en omtrent 'n dagreis daar, reg rondom die kamp en omtrent twee el diep bo-op die grond.
- 32 Die volk het daardie hele dag, die hele nag en die hele volgende dag opgestaan en die kwartels bymekaargemaak. Hy wat die minste bymekaargemaak het, het tien homer bymekaargemaak en hulle het dit vir hulleself uitgesprei oral rondom die kamp.
- 33 Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יְהוָה teen die volk ontbrand en יְהוָה het die volk met 'n baie ernstige plaag geslaan.
- 34 Die naam van daardie plek is Kivrot-HaTa'avah genoem, want daar het hulle die mense begrawe wat so gierig was.
- 35 Van Kivrot-HaTa'avah af het die volk getrek na Hazerot toe en hulle het in Hazerot gekamp.
- 12** 1 Miryam en Aharon het teen Mosheh gepraat vanweë die Kushietiese vrou wat hy getrou het, want hy het 'n Kushietiese vrou getrou
- 2 en hulle het gesê: "Het יְהוָה werklik alleen deur Mosheh gepraat? Het Hy nie ook deur ons gepraat nie?" יְהוָה het dit gehoor.
- 3 Nou, die man Mosheh, was baie nederig, meer as al die mense op die oppervlakte van die aarde.
- 4 יְהוָה het skielik vir Mosheh, Aharon en Miryam gesê: "Kom uit, julle drie, na die Tent van Ontmoeting." Die drie het uitgekom.
- 5 יְהוָה het in die wolkkolom afgekom en by die deur van die Tent gaan staan en vir Aharon en Miryam geroep. Toe hulle twee vorentoe gegaan het,
- 6 sê Hy: "Hoor nou My woorde: as daar 'n profeet tussen julle is, openbaar Ek, יְהוָה, Myself aan hom deur 'n visioen; Ek praat met hom deur 'n droom.
- 7 Dit is nie so met My dienskneg Mosheh nie: hy is getrou in My hele huis. ^{Heb 3:2}
- 8 Met hom praat Ek mond tot mond, selfs openlik en nie deur raaisels nie en hy kyk na die vorm van יְהוָה. ^{Eks 33:11} Hoekom was julle dan nie bang om teen My dienskneg, Mosheh, te praat nie?" ^{Yog 14:9; Heb 1:3}
- 9 Die woede van יְהוָה het teen hulle gebrand en Hy het weggegaan.
- 10 Toe die wolk van die Tent af teruggetrek het, let op, was Miryam melaats, soos sneeu. Aharon het na Miryam gedraai en gesien sy is melaats!
- 11 Aharon sê vir Mosheh: "Ag, my meester, ek smee u, tel nie hierdie sonde teen ons waarin ons dwaas opgetree en gesondig het nie.
- 12 Ek smee u, laat sy nie wees soos 'n dooie van wie se vleis, as hy uit sy moeder se baarmoeder uitgaan, die helfte verteer is nie."
- 13 Mosheh het uitgeroep na יְהוָה en gesê: "O Magtige God, ek vra U, maak haar asseblief gesond!"

14 יְהוָה sê vir Mosheh: “As haar vader maar net in haar gesig gespoeg het, sou sy nie dan haar skande vir sewe dae lank gedra het nie? Laat sy vir sewe dae lank buitekant die kamp opgesluit wees en daarna mag sy weer ontvang word.”

15 Hulle het Miryam sewe dae lank buitekant die kamp opgesluit en die volk het nie weggetrek voordat Miryam weer ontvang is nie.

16 Daarna het die volk van Hatzerot af weggetrek en in die wildernis van Pa'ran gekamp.

13 יְהוָה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Stuur manne uit sodat hulle die land Kena'an, wat Ek aan die seuns van Yisra'el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen 'n leier onder hulle.”

3 Mosheh het hulle uitgestuur uit die wildernis van Pa'ran, volgens die bevel van יְהוָה; almal manne wat leiers was van die seuns van Yisra'el.

4 Hierdie is dan hulle name:

van die stam van Re'uven: Shamua, die seun van Zakur;

5 van die stam van Shim'on: Shafat, die seun van Hori;

6 van die stam van Y'hudah: Kalev, die seun van Y'funneh;

7 van die stam van Yissakhar: Yig'al, die seun van Yosef;

8 van die stam van Efrayim: Hoshea, die seun van Nun;

9 van die stam van Binyamin: Palti, die seun van Rafu;

10 van die stam van Z'vulun: Gadi'el, die seun van Sodi;

11 van die stam van Yosef:

Vir die stam van M'nasheh: Gaddi, die seun van Susi;

12 van die stam van Dan: 'Ammi'el, die seun van G'malli;

13 van die stam van Asher: S'tur, die seun van Mikha'el;

14 van die stam van Naftali: Nagvi, die seun van Vofsi;

15 van die stam van Gad: Ge'u'el, die seun van Makhi.

16 Dit is die name van die manne wat Mosheh gestuur het om die land te verken. Mosheh het Hoshea, die seun van Nun, Y'hoshua genoem.

17 Mosheh het hulle gestuur om die land Kena'an te verken en vir hulle gesê: “Gaan hierlangs op in die Negev en gaan dan op in die bergland

18 en kyk hoe die land is en of die mense wat daarin bly sterk of swak, min of baie is,

19 of die land waar hulle bly, goed of sleg is en of die stede waarin hulle bly, soos kampe of vestings is.

20 Is die land vet of arm; is daar bome of nie, doen moeite en bring van die vrugte van die land saam.” Die tyd was toe die seisoen van die eerste ryp druiwe.

21 Hulle het opgegaan en die land verken vanaf die wildernis van Tzin af tot so ver as Regov, naby die ingang van Hamat.

22 Hulle het opgegaan deur die Negev en tot by Hevron gekom en Agiman, Sheshai en Talmai, die wat vir 'Anak gebore is, was daar. Hevron is sewe jaar voor Tzo'an, in Mitzrayim, gebou.

- 23 Hulle het by die vallei van Eshkol gekom en daar 'n rank met een tros druiwe afgesny en twee het dit tussen hulle met 'n paal gedra, saam met van die granate en van die vye.
- 24 Dié plek het hulle die vallei van Eshkol genoem vanweë die tros wat die seuns van Yisra'el daar afgesny het.
- 25 Hulle het teruggekom van die verkenning van die land ná verloop van veertig dae
- 26 en voortgegaan en by Mosheh, Aharon en die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gekom in die wildernis van Pa'ran, by Kadesh en aan hulle en aan die hele vergadering verslag gebring en hulle die vrugte van die land gewys.
- 27 Hulle het aan hom rapporteer en gesê: “Ons het gegaan na die land waarheen u ons gestuur het en waarlik, dit loop oor met melk en heuning en dít is sy vrugte.
- 28 Nogtans, die volk wat in die land woon, is sterk en die stede is versterk en baie groot en ons het die nageslag van 'Anak daar gesien.
- 29 'Amalek bly in die Negev, die Hittiete, Y'vusiete en Emoriete bly in die bergland en die Kena'aniete bly by die see en langs die Yarden.”
- 30 Kaleb het die mense stilgemaak voor Mosheh en gesê: “Laat ons opstaan en opgaan om dit in besit te neem, want ons sal dit sekerlik oorwin.”
- 31 Die manne wat saam met hom opgegaan het, sê egter: “Ons kan nie teen die mense opgaan nie, want hulle is te sterk vir ons.”
- 32 Hulle het slegte verslae onder die seuns van Yisra'el versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: “Die land waardeur ons gegaan het om dit te verken, is 'n land wat sy inwoners verteer en al die mense wat ons daarin gesien het, is groot manne.
- 33 Ons het ook die reuse daar gesien, die seuns van 'Anak is deel van die reuse en ons het soos sprinkane in ons eie oë geword soos ons ook in hulle oë was.”
- 14** 1 Die hele vergadering het hulle stemme opgelig en die volk het dié nag gehuil.
- 2 Al die seuns van Yisra'el het gekla teen Mosheh en Aharon en die hele vergadering het vir hulle gesê: “O, as ons maar in Mitzrayim gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het!
- 3 Waarom bring יהוה ons na hierdie land om deur die swaard te val sodat ons vroue en kinders buit sal word. Sal dit nie vir ons beter wees om na Mitzrayim terug te gaan nie?”
- 4 Hulle het vir mekaar gesê: “Laat ons 'n leier aanstel en na Mitzrayim teruggaan.”
- 5 Toe het Mosheh en Aharon op hulle gesigte neergeval voor die hele vergadering van die byeenkoms van die seuns van Yisra'el.
- 6 Y'hoshua, die seun van Nun en Kaleb, die seun van Y'funneh, twee van dié wat die land verken het, het hulle klere geskeur
- 7 en met die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gepraat en gesê: “Die land waardeur ons gegaan het om dit te verken, is 'n uitsonderlike goeie land.
- 8 As יהוה tevrede is met ons, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat vloei met melk en heuning.

- 9 Moet net nie teen יהוה rebelleer nie en moenie bang wees vir die mense van die land nie, want hulle sal ons prooi wees. Hulle beskerming is van hulle verwyder en יהוה is met ons. Moenie vir hulle bang wees nie!”
- 10 Die hele vergadering wou hulle met klippe stenig. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het toe in die Tent van Ontmoeting verskyn voor al die seuns van Yisra’el.
- 11 יהוה het vir Mosheh gesê: “Hoe lank sal hierdie volk My verwerp? Hoe lank sal hulle nie in My vertrou nie, ten spyte van al die tekens wat Ek tussen hulle gedoen het?
- 12 Ek sal hulle met die pes tref en hulle onteien en Ek sal van jou ’n groter en magtiger nasie maak as hulle.”
- 13 Mosheh sê vir יהוה: “Dan sal die Mitzrayimiete dit hoor, want deur U krag het U hierdie volk laat optrek, vanuit hulle uit
- 14 en hulle sal dit aan die inwoners van hierdie land sê. Hulle het gehoor dat U, יהוה, tussen hierdie volk is; dat U, יהוה, van aangesig tot aangesig aan hulle verskyn; dat U wolk oor hulle staan en U in ’n wolkkolom voor hulle uitgaan bedags en in ’n vuurkolom in die nag.
- 15 As U nou hierdie volk soos een man doodmaak, dan sal die nasies wat die boodskap aangaande U gehoor het, praat en sê:
- 16 ‘Omdat יהוה hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met ’n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn doodgemaak.’
- 17 Ek smee U, laat יהוה se mag nou groot wees, net soos U verklaar het:
- 18 יהוה vat lank om kwaad te word en is oorvloedig in liefdevolle sagtheid, wat sonde en wetsoortreding vergewe, maar nie die skuldige vryskeld nie; wat die onregverdigheid van die vaders die kinders laat beïnvloed, in die derde en vierde geslag.’
- 19 Ek vra U, vergewe die boosheid van hierdie volk volgens die grootheid van U liefdevolle sagtheid, net soos U hierdie volk van Mitzrayim af tot hiertoe vergewe het.”
- 20 יהוה sê: “Ek het vergewe, volgens jou woord,
- 21 maar so waar as Ek leef en die hele aarde met יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid vol sal word,
- 22 al die manne wat My Gemanifesteerde Teenwoordigheid en My tekens gesien het, wat Ek in Mitzrayim en in die woestyn gedoen het en My nou hierdie tien maal getoets het en nie gehoorsaam was aan My stem nie,
- 23 hulle sal die land nie sien, wat Ek aan hulle vaders, met ’n eed, beloof het nie en ook sal niemand wat My verwerp het, dit sien nie,
- 24 maar My dienskneg Kalev omdat hy ’n ander Gees in hom het en hy My ten volle gevolg het, hom sal Ek bring in die land waarin hy gegaan het en sy nageslag sal dit in besit neem.
- 25 Die `Amalekiete en die Kena’aniete woon nou in die valleie, draai môre weg en gaan die wildernis in, op pad na die see van Suf.”
- 26 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:

- 27 “Hoe lank sal Ek hierdie bose vergadering verdra wat teen My kla? Ek het die murmureringe van die seuns van Yisra’el gehoor waarmee hulle teen My bly kla.
- 28 Sê vir hulle: ‘Sowaar as Ek leef, sê יהוה, net soos julle voor My ore gepraat het, so sal Ek aan julle doen.
- 29 Die lyke van julle wat teen My gekla het, sal in hierdie wildernis val, almal van julle wat getel is, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en ouer.
- 30 Behalwe vir Kalev, die seun van Y’funneh en Y’hoshua, die seun van Nun, sal julle geensins in die land kom waaroor Ek My hand opgelig en met ’n eed beloof het om julle daarin te laat woon nie,
- 31 maar julle kinders waarvan julle gesê het: ‘Hulle sal buit word,’ dié sal Ek inbring en dié sal die land ken wat julle verwerp het,
- 32 maar julle lyke sal in hierdie wildernis val.
- 33 Julle seuns sal herders wees in die wildernis, veertig jaar lank en ly vir julle ontrouheid totdat julle lyke in die wildernis lê.
- 34 Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul skuld dra, veertig jaar lank en julle sal My onttrekking ken. ^{Hand 13:18}
- 35 Ek, יהוה, het gepraat, Ek sal dit waarlik doen aan hierdie hele bose vergadering wat teen My bymekaargekom het. Hulle sal in hierdie wildernis verteer word en daar sterf.”
- 36 Die manne wat Mosheh gestuur het om die land te verken en wat ná hulle terugkoms die hele vergadering teen hom laat kla het deur ’n slegte verslag aangaande die land te versprei,
- 37 die manne wat ’n slegte verslag aangaande die land versprei het, het gesterf deur ’n plaag, voor יהוה,
- 38 maar van dié manne wat die land gaan verken het, het Y’hoshua, die seun van Nun en Kalev, die seun van Y’funneh, lewend gebly.
- 39 Mosheh het hierdie woorde aan al die seuns van Yisra’el gesê en die volk het baie getreur
- 40 en die oggend vroeg opgestaan en opgegaan na die top van die berg en gesê: “Hier is ons en ons sal opgaan na die plek wat יהוה belowe het, want ons het gesondig.”
- 41 Mosheh het gesê: “Waarom oortree julle die opdrag van יהוה, want dit sal nie voorspoedig wees nie?
- 42 Moenie optrek nie sodat julle nie voor julle vyande verslaan word nie, want יהוה is nie tussen julle nie,
- 43 want die `Amalekiete en die Kena’aniete is daar voor julle en julle sal deur die swaard val, want julle het van יהוה af weggedraai; יהוה is nie by julle nie!”
- 44 Nogtans het hulle in vermetelheid opgegaan na die top van die berg, maar die verbondsark van יהוה en Mosheh het nie uit die kamp uitgegaan nie.
- 45 Die `Amalekiete en die Kena’aniete wat in dié berge gebly het, het afgekom en hulle verslaan en hulle verstrooi tot by Hormah.
- 15** יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As julle in die land kom waar julle moet bly, wat Ek vir julle gee

- 3 en julle 'n offer deur vuur tot יהוה wil bring, 'n brandoffer of 'n offerande om 'n belofte te vervul, of as 'n vrywillige offer of by julle vasgestelde tye, om vir יהוה 'n aangename geur te bring, van beeste of van kleinvee,
- 4 dan moet die een wat sy offer aan יהוה bring, 'n tiende van 'n efa fyn meel, gemeng met 'n kwart hin olie, as graanoffer bring
- 5 en 'n kwart hin wyn as 'n drankoffer. Dit moet vir elke lam by die brandoffer of vir die offer voorberei word.
- 6 Of, vir 'n ram moet jy twee-tiendes van 'n efa fyn meel, met 'n derde van 'n hin olie gemeng, as graanoffer voorberei
- 7 en 'n derde van 'n hin wyn moet jy as aangename geur tot יהוה bring vir die drankoffer.
- 8 As jy 'n bul as brandoffer bring of 'n offer voorberei om 'n spesiale belofte te vervul, of as vredesoffer tot יהוה,
- 9 moet jy by die bul drie-tiendes van 'n efa fyn meel met 'n half hin olie gemeng, as graanoffer bring.
- 10 Vir die drankoffer moet jy 'n half hin wyn bring, as 'n offer, deur vuur, met 'n aangename geur tot יהוה.
- 11 So moet gedoen word vir elke bees of ram of by 'n lam van die skape of die bokke.
- 12 Volgens die aantal wat julle voorberei, so moet julle doen by elkeen volgens die hoeveelheid.
- 13 Elke kind van die land moet hierdie dinge op hierdie manier doen, om 'n offer, deur vuur, met 'n aangename geur, aan יהוה te bring.
- 14 As 'n besoeker, in die geslagte wat kom, by julle bly, of hy wat onder julle is en 'n offer, deur vuur, met 'n aangename geur vir יהוה voorberei, moet hy net soos julle doen, so moet hy doen.
- 15 Een en dieselfde instelling geld vir julle in die vergadering en vir die besoeker wat by julle bly. Dit is 'n ewige instelling regdeur julle geslagte: soos dit vir julle is, so moet dit vir die besoeker voor יהוה wees.
- 16 Daar moet een wet en een beslissing geld vir julle en vir die besoeker wat by julle bly. ^{Yes 56:7; Hand 15:18-21; Rom 9:7,8; Rom 11; Efe 2:13-18}
- 17 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 18 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land kom waarheen Ek julle bring,
- 19 dan sal dit wees, wanneer julle die brood van die land eet, julle 'n opligoffer aan יהוה sal offer.
- 20 Julle moet 'n koek van die eerste deeg as 'n opligoffer bring; soos 'n opligoffer van die dorsvloer, so moet julle dit offer.
- 21 Van die eerste van julle deeg moet julle 'n opligoffer aan יהוה offer, regdeur al julle geslagte.
- 22 As julle onbepland oortree en nie al hierdie opdragte doen wat יהוה vir Mosheh gesê het nie,
- 23 alles wat יהוה julle deur Mosheh beveel het van die dag af dat יהוה opdrag gegee het en verder aan in julle geslagte,

- 24 dan moet dit wees, as dit onbewus gedoen is, sonder die wete van die vergadering, dat die hele vergadering een bul, as 'n brandoffer, 'n aangename geur tot יְהוָה, offer saam met die graanoffer en die drankoffer wat volgens voorskrif daarby hoort en een bokram as sondoffer.
- 25 So sal die priester toedekking doen vir die hele vergadering van die seuns van Yisra'el en dit sal hulle vergewe word, want dit was 'n fout en hulle het hul offer en hul sondoffer as 'n offer, deur vuur, tot יְהוָה geoffer, vir hulle onbeplande sonde.
- 26 Dit sal vir die hele vergadering van die seuns van Yisra'el, asook die besoeker wat tussen hulle bly, vergewe word, want al die mense het dit onbepland gedoen.
- 27 As 'n persoon onbepland sondig, moet dié 'n bokooi in haar eerste jaar as sondoffer bring.
- 28 So moet die priester dan toedekking doen vir die persoon wat onbepland sondig, wanneer hy onbepland sondig voor יְהוָה, om vir hom toedekking te doen en dit sal hom vergewe word.
- 29 Jy sal een wet hê vir die een wat onbepland sondig, vir die kind van die land onder die seuns van Yisra'el en die besoeker wat tussen hulle bly,
- 30 maar die persoon wat iets wetend doen, van die kinders van die land of van die besoeker, hy bespot יְהוָה en dié persoon moet afgesny word uit sy volk uit,
- 31 want hy het die woord van יְהוָה verwerp en Sy opdrag verbreek. Dié persoon moet volkome afgesny word; sy skuld sal op hom wees.”
- 32 Terwyl die seuns van Yisra'el in die wildernis was, het hulle 'n man gekry wat op die Shabbatdag hout bymekaarmaak.
- 33 Die wat hom gekry het terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Mosheh, Aharon en na die hele vergadering gebring.
- 34 Hulle het hom onder bewaking geplaas, want dit was nie verklaar wat met hom gedoen moes word nie.
- 35 יְהוָה sê vir Mosheh: “Die man moet tot die dood tereggestel word; die hele vergadering moet hom buitekant die kamp met klippe stenig;”
- 36 daarom, soos יְהוָה Mosheh beveel het, het die hele vergadering hom buitekant die kamp uitgebring en hom met klippe gestenig tot hy dood is.
- 37 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 38 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tossels maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tossel van elke soom 'n tou van persblou stof vasbind. Deut 22:12; Mat 9:20; 23:5
- 39 Die tossels sal wees sodat julle daarna kan kyk en al die opdragte van יְהוָה onthou en dit doen en nie agter dit aangaan waarna julle hart en jul oë aan hoereer nie
- 40 sodat julle kan onthou om al My opdragte te doen en vir julle God afgesonder te wees.
- 41 Ek is יְהוָה, julle God, wat julle uit Mitzrayim uitgebring het om vir julle 'n God te wees. Ek is יְהוָה, julle God.”
- 16** 1 Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem

- 2 en hulle het opgestaan voor Mosheh, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam.
- 3 Hulle het bymekaargekom teen Mosheh en Aharon en vir hulle gesê: "Julle het ver genoeg gegaan, want die hele vergadering is afgesonderd, elke een van hulle en יהוה is tussen hulle! Waarom verhoog julle juiself bo die vergadering van יהוה?"
- 4 Toe Mosheh dit hoor, het hy op sy gesig neergeval
- 5 en hy het met Korag en sy hele groep gepraat en gesê: "Môre-oggend sal יהוה wys wie Syne is ^{2 Tim 2:19} en wie afgesonder is en Hy sal hom laat naderkom na Hom. Die een wat Hy kies, sal Hy laat naderkom na Hom toe.
- 6 Doen dit: neem vir julle vuurpanne, Korag en julle hele groep,
- 7 gooi vuur in hulle en lê reukwerk daarop voor die Teenwoordigheid van יהוה; dan sal dit wees dat die een wat יהוה kies, die afgesonderde sal wees. Julle het ver genoeg gegaan, julle seuns van Levi!"
- 8 Mosheh het vir Korag gesê: "Luister nou, julle seuns van Levi!
- 9 Is dit nie genoeg vir julle dat die God van Yisra'el julle afgesonder het uit die vergadering van Yisra'el om julle nader na Hom te laat kom, om die werk van יהוה se tabernakel te doen en voor die vergadering te staan om hulle te dien nie
- 10 en dat Hy jou nader aan Homself laat kom het, jy en al jou broers, die seuns van Levi, saam met jou nie? Begeer jy nou ook die priestersamp?
- 11 Om hierdie rede is jy en jou hele groep saam teen יהוה vergader; wat is Aharon dat julle teen hom kla?"
- 12 Mosheh het gestuur om Datan en Aviram, die seuns van Eli'av, te laat roep, maar hulle het gesê: "Ons sal nie opkom nie.
- 13 Is dit nie genoeg dat jy ons uit 'n land wat vloei met melk en heuning laat opkom het om ons in die wildernis te laat doodgaan nie, maar jy wil ook baas speel oor ons?
- 14 Meer nog, jy het ons nie gebring in 'n land wat vloei met melk en heuning en vir ons geen lande en wingerde as erfdeel gegee nie. Wil jy die oë van hierdie manne uitgrou? Ons sal nie opkom nie."
- 15 Mosheh was baie kwaad en het vir יהוה gesê: "Respekteer nie hulle offer nie. Ek het nie een donkie van hulle gevat en nie enige een van hulle skade aangedoen nie."
- 16 Mosheh het vir Korag gesê: "Jy en jou hele groep, sorg dat julle môre voor die Teenwoordigheid van יהוה is, jy en hulle en Aharon
- 17 en neem julle elkeen sy vuurpan en gooi daar reukwerk op en elkeen bring sy vuurpan voor die Teenwoordigheid van יהוה, twee honderd en vyftig vuurpanne; ook jy en Aharon, elkeen met sy vuurpan."
- 18 Elke man het sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gelê en hulle het gaan staan by die ingang van die Tent van Ontmoeting, asook Mosheh en Aharon.
- 19 Korag het die hele vergadering teen hulle laat vergader by die ingang van die Tent van Ontmoeting. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het aan die hele vergadering verskyn.

- 20 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
- 21 “Sonder julle af vanuit hierdie vergadering en Ek sal hulle in ’n oomblik verteer.”
- 22 Hulle het op hul gesigte geval en gesê: “O Magtige God, God van die geeste van alle vlees! Sal een man sondig en U vir die hele vergadering kwaad word?”
- 23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 24 “Praat met die vergadering en sê: ‘Kom weg rondom die tente van Korag, Datan en Aviram!’” ^{Num 26:9-11}
- 25 Mosheh het opgestaan en na Datan en Aviram gegaan en die oudstes van Yisra’el het hom gevolg.
- 26 Hy het met die vergadering gepraat en gesê: “Gaan nou weg van die tente van hierdie bosc oortreders en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, anders sal julle in al hulle sondes weggesleep word.” ^{2 Tim 2:19}
- 27 Hulle het weggegaan rondom die tente van Korag, Datan en Aviram, maar Datan en Aviram het uitgekom en by die deur van hulle tente gaan staan saam met hulle vroue, seuns en klein kinders.
- 28 Mosheh het gesê: “Hieraan sal julle weet dat יהוה my gestuur het om al hierdie werke te doen, want ek het hulle nie uit my eie gedoen nie:
- 29 as hierdie mense sterf soos alle mense of met die besoeking van alle mense besoek word, dan het יהוה my nie gestuur nie,
- 30 maar as יהוה iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle insluk met alles wat aan hulle behoort en hulle lewendig na Sh’ol afgaan, dan sal julle verstaan dat hierdie manne יהוה verwerp het.”
- 31 Dit het gebeur dat toe hy al hierdie woorde klaar gepraat het, die grond wat onder hulle was oopskeur
- 32 en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle ingesluk saam met hul huisgesinne en al die mense wat saam met Korag was en al hulle besittings.
- 33 So het hulle saam met almal wat by hulle was, lewend na Sh’ol afgegaan, die aarde het bo hulle toegemaak en hulle is vernietig vanuit die vergadering uit.
- 34 Die hele Yisra’el wat rondom hulle was, het by die hoor van die klank gevlug, want hulle het gesê: “Die aarde mag ons ook insluk!”
- 35 ’n Vuur het van יהוה af uitgegaan en die twee honderd en vyftig man verteer wat die reukwerk geoffer het.
- 36 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 37 “Sê vir El’azar, die seun van Aharon, die priester, dat hy die vuurpanne uit die brand moet optel, want hulle is afgesonder en die vuur ver weg moet gooi.
- 38 Die vuurpanne van dié wat gesondig het ten koste van hulle eie lewe, laat daarvan dun plate gemaak word as ’n bedekking vir die altaar, want hulle het dié voor die Teenwoordigheid van יהוה aangebied; daarom is hulle afgesonder en hulle sal vir die seuns van Yisra’el ’n teken wees.”
- 39 El’azar, die priester, het die koper vuurpanne gevat wat die mense wat verbrand is, aangebied het en hulle is uitgeslaan as ’n bedekking vir die altaar,

- 40 as 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el dat geen vreemde persoon, wat nie uit die nageslag van Aharon is nie, nader sal kom om reukwerk voor die Teenwoordigheid van יהוה te offer nie sodat hy nie word soos Korag en sy groep nie, soos יהוה deur die hand van Mosheh gesê het.
- 41 Die volgende dag het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el teen Mosheh en Aharon gekla en gesê: “Julle het die dood van die volk van יהוה veroorsaak.”
- 42 Dit het gebeur dat terwyl die vergadering teen Mosheh en Aharon bymekaarkom, hulle hul na die Tent van Ontmoeting gedraai het en let op, die wolk het dit bedek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het verskyn.
- 43 Mosheh en Aharon het voor die Tent van Ontmoeting gekom.
- 44 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 45 “Kom weg vanuit hierdie vergadering sodat Ek hulle in 'n oomblik kan verteer.” Hulle val toe op hulle gesigte neer.
- 46 Mosheh sê vir Aharon: “Vat 'n vuurpan en gooi vuur van die altaar daarop en sit reukwerk daarop en vat dit gou na die vergadering toe en doen toedekking vir hulle, want woede het vanuit יהוה uitgegaan, die plaag het begin!”
- 47 Aharon vat dit soos Mosheh gesê het en hardloop tussen die vergadering in en let op, die plaag het reeds onder die volk begin! Hy het die reukwerk opgesit en toedekking gedoen vir die volk.
- 48 Hy het gestaan tussen die dooies en die lewendes en die plaag is teruggehou.
- 49 Die wat in die plaag gesterf het, was veertien duisend sewe honderd, buiten die wat as gevolg van Korag gesterf het.
- 50 Aharon het teruggegaan na Mosheh toe by die ingang van die Tent van Ontmoeting, want die plaag is teruggehou.
- 17** יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Praat met die seuns van Yisra'el en vat van hulle, vir elke vader se huis, 'n staf; van elke leier, volgens hulle vader se huis, twaalf stawwe. Skryf elke man se naam (karakter en outoriteit) op sy staf.
- 3 Aharon se naam (karakter en outoriteit) moet jy skryf op die staf van Levi, want daar moet een staf wees vir elke hoof van die vader se huis.
- 4 Jy moet hulle in die Tent van Ontmoeting, voor die Getuienis waar Ek met julle ontmoet, neersit.
- 5 Die staf van die man wat Ek kies, sal bloeisels dra en so sal Ek die murmureringe van die seuns van Yisra'el, wat hulle teen julle kla, stilmaak.”
- 6 Mosheh het met die seuns van Yisra'el gepraat en elkeen van hulle leiers het vir hom 'n staf gegee, vir elke leier 'n staf, volgens hulle vaders se huise, twaalf stawwe en Aharon se staf was tussen hulle stawwe.
- 7 Mosheh het die stawwe voor die Teenwoordigheid van יהוה in die Tent van die Getuienis neergesit.
- 8 Dit het die volgende dag, toe Mosheh in die Tent van die Getuienis ingaan, gebeur, let op, dat die staf van Aharon, vir die huis van Levi, gebloei, botsels laat uitspruit, bloeisels gevorm en ryp amandels voortgebring het!

- 9 Mosheh het al die stawwe wat voor die Teenwoordigheid van יהוה was, na al die seuns van Yisra'el uitgebring en hulle het gekyk en elkeen sy staf gevat.
- 10 יהוה het vir Mosheh gesê: "Bring die staf van Aharon terug voor die Getuienis om dit te bewaar as teken vir die rebelle dat jy hulle murmuringe teen My kan beëindig dat hulle nie sterf nie."
- 11 Mosheh het dit gedoen; soos יהוה hom beveel het, so het hy gedoen.
- 12 Die seuns van Yisra'el het met Mosheh gepraat en gesê: "Let op, ons vergaan, ons is besig om te sterf, ons is almal besig om te sterf!"
- 13 Wie ook al naby die tabernakel van יהוה kom, moet sterf. Moet ons volkome vernietig word?"
- 18** 1 יהוה het vir Aharon gesê: "Jy, jou seuns en die huis van jou vader saam met jou moet die skuld aangaande die Afgesonderde plek dra en jy en jou seuns saam met jou moet die skuld aangaande julle priesterskap dra.
- 2 Bring ook jou broers, die stam van Levi, die stam van jou vader, saam met jou dat hulle by jou kan aansluit en jou bedien terwyl jy en jou seuns saam met jou voor die Tent van die Getuienis is.
- 3 Hulle sal verantwoordelik wees vir jou en die hele tent, maar hulle mag nie naby die voorwerpe van die Afgesonderde Plek en naby die altaar kom dat hulle nie sterf, hulle sowel as julle, nie.
- 4 Hulle moet by jou aansluit en die diens van die Tent van Ontmoeting waarneem: al die dienswerk van die tent, maar 'n vreemdeling mag nie naby julle kom nie.
- 5 Julle sal verantwoordelik wees vir die Afgesonderde plek en oor die diens van die altaar sodat daar verder geen woede meer oor die seuns van Yisra'el kom nie.
- 6 Ek, let op, Ekself het julle broers, die Leviëte, onder die seuns van Yisra'el uitgevat as 'n geskenk vir julle, toegewy aan יהוה, om die dienswerk van die Tent van Ontmoeting te doen;
- 7 daarom moet jy en jou seuns saam met jou, julle priesterskap waarneem met betrekking tot al die sake van die altaar en van wat binnekant die verdelingsgordyn is en julle moet dienswerk doen. Ek gee vir jou die priesterskap as 'n geskenk van diens, maar die vreemdeling wat nabykom, moet gedood word."
- 8 יהוה het met Aharon gepraat: "Ek, let op, Ekself het jou die verantwoordelikheid gegee vir My offers, al die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra'el; Ek het dit vir jou en jou seuns gegee as ewige instelling, as 'n toegewysde deel.
- 9 Dit sal joune wees, vanaf die mees afgesonderde gawes, gereserveerd vanaf die vuur: al hulle offers; elke graanoffer, elke sondoffer en elke oortredingsoffer wat hulle aan My sal bring, sal mees afgesonderd wees vir jou en jou seuns.
- 10 In 'n mees afgesonderde plek moet jy dit eet; almal wat manlik is, mag dit eet; afgesonderd moet dit vir jou wees.
- 11 Hierdie is ook joune: die offers van hulle geskenke, al die waaioffers van die seuns van Yisra'el; Ek gee dit vir jou en jou seuns en jou dogters saam met jou, as 'n ewige instelling. Elkeen wat rein is in jou huis, mag dit eet.
- 12 Al die beste van die olie, al die beste van die nuwe wyn en die graan, die eerste vrugte wat hulle aan יהוה gee, dit gee Ek aan jou.

- 13 Die eerste ryp vrugte van alles wat in hulle land is, wat hulle vir יהוה bring, moet joune wees. Elkeen wat rein is in jou huis, mag dit eet.
- 14 Elke toegewyde ding in Yisra'el, sal joune wees.
- 15 Elke ding wat die baarmoeder open van enige vlees, mens of dier, wat hulle vir יהוה bring, moet joune wees, maar die eersgeborenes van mense moet jy loskoop om te bevry, asook die eersgeborenes van onrein diere moet jy loskoop.
- 16 Die losgekoopte goed moet jy vanaf 'n maand oud loskoop, volgens jou waardasie, vir vyf sikkels volgens die sikkkel van die Afgesonderde plek, wat twintig gerah is,
- 17 maar die eersgeborene van 'n bees of die eersgeborene van 'n skaap of die eersgeborene van 'n bok moet jy nie loskoop nie; hulle is afgesonder. Hulle bloed moet jy sprinkel teen die altaar en hulle vet brand en in rook laat opgaan as 'n offer deur vuur, as 'n aangename geur tot יהוה.
- 18 Hulle vleis moet, soos die waaioffer se bors en die regterboud, joune wees. Dit moet joune wees.
- 19 Al die offerandes, van die afgesonderde geskenke wat die seuns van Yisra'el aan יהוה offer, wat opgelig word, gee Ek aan jou en jou seuns en jou dogters saam met jou as 'n ewige instelling. Dit is 'n ewige verbond van sout, voor die Teenwoordigheid van יהוה, met jou en jou nageslag saam met jou.” Lev 2:13; Mar 9:49,50; Kol 4:6
- 20 יהוה het vir Aharon gesê: “Jy sal geen erforsie in hulle land hê nie en jy sal geen deel onder hulle hê nie. Ek is jou deel en jou erforsie onder die seuns van Yisra'el.
- 21 Let op, Ek gee aan die seuns van Levi al die tiendes in Yisra'el as erforsie vir hulle dienswerk wat hulle doen, die dienswerk van die Tent van Ontmoeting. 1 Sh'm 2:28,29
- 22 Die seuns van Yisra'el moet ook nie weer naderkom na die Tent van Ontmoeting nie sodat hulle nie sonde op hulle laai en sterf nie,
- 23 maar die Leviëte moet die dienswerk by die Tent van Ontmoeting doen en hulle moet hul boosheid dra. Dit is 'n ewige instelling deur julle geslagte, dat hulle geen erforsie onder die seuns van Yisra'el het nie,
- 24 want die tiendes van die seuns van Yisra'el, wat hulle tot יהוה as offer oplig, gee Ek vir die Leviëte as erforsie; daarom het Ek vir hulle gesê: ‘Hulle sal onder die seuns van Yisra'el geen erforsie hê nie.’”
- 25 יהוה het met Moshéh gepraat en gesê:
- 26 “Jy moet met die Leviëte praat en vir hulle sê: ‘As julle van die seuns van Yisra'el die tiendes vat wat Ek vir julle van hulle af as jul erforsie gegee het, moet julle daarvan 'n offer tot יהוה oplig, 'n tiende van die tiende.
- 27 Julle offer wat julle oplig sal vir julle gereken word asof dit die graan van die dorsvloer af is en soos die volle opbrengs van die parskuip.
- 28 Só moet julle ook 'n offer oplig tot יהוה van al julle tiendes wat julle van die seuns van Yisra'el ontvang en julle moet daarvan die offer wat julle oplig tot יהוה aan Aharon, die priester, gee. Neg 10:38,39
- 29 Van al jul geskenke moet julle die hele opligoffer tot יהוה bring, van al die beste daarvan, die afgesonderde deel daarvan.’

- 30 Jy moet daarom vir hulle sê: 'Wanneer julle die beste daarvan opgelig het, sal die res vir die Leviëte gereken word as die opbrengs van die dorsvloer en as die opbrengs van die parskuip.
- 31 Julle mag dit op enige plek eet, julle en jul huise, want dit is julle beloning vir jul dienswerk by die Tent van Ontmoeting.
- 32 Julle sal geen sonde dra as gevolg daarvan, as julle die beste deel daarvan geoffer het nie en julle mag nie die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra'el onteer nie sodat julle nie sterf nie. ^{Num 18:21; 1 Sh'm 2:13-17,28,29}

19 ¹ דִּוְרָה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:

- 2 "Hierdie is die instelling van die wet wat דִּוְרָה beveel het deur te sê: 'Praat met die seuns van Yisra'el dat hulle vir jou 'n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie.
- 3 Julle moet haar vir El'azar, die priester, gee en hy moet haar buitekant die kamp uitlei en dit moet voor hom geslag word.
- 4 El'azar, die priester, moet dan van haar bloed met sy vinger vat en van haar bloed sewe maal in die rigting van die voorkant van die Tent van Ontmoeting sprinkel.
- 5 Dan moet die verskalf voor sy oë verbrand word; haar vel, haar vleis, haar bloed en haar mis moet verbrand word.
- 6 Die priester moet sederhout, hisop en skarlaken materiaal vat en dit binne-in die brandende verskalf gooi.
- 7 Dan moet die priester sy klere was en sy liggaam in water was en daarna mag hy in die kamp inkom. Die priester sal tot die aand toe onrein wees.
- 8 Ook die een wat haar verbrand het, moet sy klere in water was en sy liggaam in water was en hy sal tot die aand toe onrein wees.
- 9 'n Man wat rein is moet die as van die verskalf bymekaarmaak en dit buitekant die kamp op 'n rein plek sit; dit moet vir die vergadering van die seuns van Yisra'el bewaar word vir die water wat onreinheid verwyder: dit is 'n reiniging vir hulle sonde.
- 10 Die een wat die as van die verskalf bymekaarmaak, moet sy klere was en sal tot die aand toe onrein wees. Dit moet vir die seuns van Yisra'el en vir die besoeker wat tussen hulle bly, 'n ewige instelling wees.
- 11 Die een wat 'n dooie mens aanraak, sal sewe dae lank onrein wees.
- 12 Hy moet homself daarvan reinig op die derde dag en op die sewende dag; dan sal hy rein wees, maar as hy hom nie op die derde dag en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein wees nie.
- 13 Elkeen wat aan 'n dooie liggaam raak, aan 'n mens wat gesterf het en homself nie reinig nie, het die tabernakel van דִּוְרָה onrein gemaak ^{1 Kor 3:16,17; 6:19} en dié persoon moet uit Yisra'el uitgesny word. Hy sal onrein wees omdat die water vir onreinheid nie op hom gesprinkel is nie, sy onreinheid is nog op hom.
- 14 Hierdie is die wet as iemand in 'n tent sterf: almal wat in die tent kom en almal wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees
- 15 en al die oop houers wat nie met 'n deksel toegebind is nie, is onrein.

- 16 Wie ook al in die oop veld aan iemand raak wat deur die swaard deurboor is, of wat gesterf het, of aan die been van 'n mens, of aan 'n graf, sal sewe dae lank onrein wees.
- 17 Vir die onreine moet hulle van die as van die verskalf wat verbrand is vat en saam met lopende water in 'n houer gooi.
- 18 'n Rein man moet hisop vat, dit in die water doop, op die tent sprinkel, op al die goedere en op die persone wat daar was, asook op hom wat aan 'n been, of aan een wat neergeslaan is, of aan 'n dooie, of aan 'n graf geraak het.
- 19 Die rein persoon moet die onreine op die derde en op die sewende dag besprinkel en op die sewende dag moet hy homself rein maak, sy klere was en homself in water was en in die aand sal hy rein wees,
- 20 maar die persoon wat onrein is en homself nie reinig nie, dié persoon moet uitgesny word uit die vergadering, want hy het die Afgesonderde plek van יְהוָה onrein gemaak. Die water vir onreinheid is nie op hom gesprinkel nie, hy is onrein.
- 21 Dit sal 'n ewige instelling vir hulle wees. Die een wat die water vir onreinheid sprinkel, moet sy klere was en die een wat aan die water vir onreinheid raak, sal tot die aand toe onrein wees.
- 22 Waaraan die onreine ook al raak, sal onrein wees en die persoon wat daaraan raak, sal tot die aand toe onrein wees.

- 20** 1 Die seuns van Yisra'el, die hele vergadering, het in die wildernis van Tzin gekom, in die eerste maand en die volk het in Kadesh gebly. Miryam het daar gesterf en is daar begrawe.
- 2 Daar was geen water vir die vergadering nie, hulle het dus teen Mosheh en Aharon bymekaargekom.
 - 3 Die volk het met Mosheh geargumenteer en hulle het gepraat en gesê: “As ons tog maar gesterf het toe ons broers voor die Teenwoordigheid van יְהוָה gesterf het!
 - 4 Hoekom het julle die vergadering van יְהוָה in hierdie wildernis ingebring sodat ons en ons vee hier sou sterf?
 - 5 Waarom het julle ons uit Mitzrayim laat optrek om ons in hierdie veragtelike plekke te bring? Dit is geen plek om te saai nie, ook nie van vye of van wingerdstokke of van granate nie; ook is daar geen water om te drink nie.”
 - 6 Mosheh en Aharon het van die vergadering af weggegaan na die ingang van die Tent van Ontmoeting en hulle het op hul gesigte geval en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יְהוָה het aan hulle verskyn.
 - 7 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
 - 8 “Vat die staf en laat die vergadering bymekaarkom, jy en jou broer Aharon. Praat met die rots voor hulle oë sodat dit water kan voortbring. So moet jy vir hulle water uit die rots laat kom en die vergadering en hulle vee laat drink.”
 - 9 Mosheh het die staf van voor die aangesig van יְהוָה gevat soos Hy hom beveel het.
 - 10 Mosheh en Aharon het die vergadering voor die rots laat bymekaarkom en hy het vir hulle gesê: “Luister nou, julle rebelle! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?”

- 11 Mosheh het sy hand opgetel en die rots twee maal met sy staf geslaan, water het in oorvloed uitgekóm en die vergadering en hulle vee het gedrink.
- 12 יְהוָה sê vir Mosheh en Aharon: “Omdat julle My nie vertrou het om My as Afgesonderd voor die oë van die seuns van Yisra’el te behandel nie; daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie.”
- 13 Hierdie was die waters van M’rivah, waar die seuns van Yisra’el met יְהוָה gestry het en Hy Hom tussen hulle as Afgesonderd bewys het.
- 14 Mosheh het boodskappers uit Kadesh na die koning van Edom gestuur: “So sê jou broer Yisra’el: Jy weet van al die moeilikheid wat ons oorgekóm het,
- 15 dat ons vaders na Mitzrayim afgegaan het en ons baie dae in Mitzrayim gebly het en die Mitzrayimiete het ons en ons vaders sleg behandel
- 16 en toe ons uitgeroep het na יְהוָה, het Hy ons stem gehoor. Hy het ’n boodskapper gestuur en ons uit Mitzrayim uitgelei. Let op, ons is nou in Kadesh, ’n stad op die grens van jou grondgebied.
- 17 Laat ons asseblief deur jou land trek. Ons sal nie deur lande of wingerde trek nie en die water uit die putte nie drink nie. Ons sal op ‘Die Koning se Hoofweg’ hou, ons sal nie regs of links uitdraai nie totdat ons deur jou grondgebied getrek het.”
- 18 Edom antwoord hom egter: “Jy sal nie deur my land trek nie, anders sal ek teen jou uitkóm met die swaard.”
- 19 Weer sê die seuns van Yisra’el vir hom: “Ons sal met die hoofpad gaan en as ek en my vee van jou water drink, dan sal ek daarvoor betaal. Laat my net te voet deurtrek, niks meer nie.”
- 20 Hy antwoord: “Jy sal nie deurgaán nie.” Edom het uitgekóm teen hom met baie mense en met ’n sterk hand.
- 21 So het Edom geweier om Yisra’el toe te laat om deur sy grondgebied te gaan; dus het Yisra’el van hom af weggedraai. Yeg 25:12-14; 35:1-15; Mal 1:2-4
- 22 Die seuns van Yisra’el, die hele vergadering, het van Kadesh af weggegaan en by die berg Hor gekóm.
- 23 יְהוָה het met Mosheh en Aharon by die berg Hor, op die grens van die land van Edom, gepraat en gesê:
- 24 “Aharon sal by sy mense versamel word, want hy mag nie ingaan in die land wat Ek aan die seuns van Yisra’el gegee het nie omdat julle teen My opdrag gerebelleer het by die waters van M’rivah.
- 25 Vat vir Aharon en sy seun El’azar en bring hulle op na die berg Hor;
- 26 trek Aharon se klere uit en trek dit vir sy seun El’azar aan en Aharon sal daar by sy mense versamel word en sterf.”
- 27 Mosheh het gedoen soos יְהוָה beveel het: hulle het op die berg Hor opgegaan voor die oë van die hele vergadering.
- 28 Mosheh het Aharon se klere uitgetrek en dit vir sy seun El’azar aangetrek. Aharon het daar gesterf op die top van die berg en Mosheh en El’azar het van die berg af afgekóm.
- 29 Toe die hele vergadering sien dat Aharon gesterf het, het die hele huis van Yisra’el dertig dae lank oor Aharon getreur.

- 21 ¹ Toe koning `Arad, die Kena'aniet, wat in die Negev gebly het, hoor dat Yisra'el met die pad van Atarim af kom, het hy teen Yisra'el geveg en sommige van hulle gevange geneem.
- 2 Yisra'el het 'n eed tot יהוה gesweer en gesê: "As U sal gee om hierdie volk heeltemal in my hand oor te gee, sal ek hulle stede geheel en al vernietig."
- 3 יהוה het Yisra'el se stem gehoor en die Kena'aniete oorgegee. Hulle het hulle en hul stede totaal vernietig en die plek Hormah genoem.
- 4 Hulle het vanaf die berg Hor vertrek in die rigting van die see van Suf om verby die land Edom te trek en die volk het ongeduldig geword as gevolg van die reis.
- 5 Die volk het teen God en teen Mosheh gepraat: "Waarom het U ons uit Mitzrayim laat opkom om in die wildernis te sterf, want daar is geen brood en geen water nie en ons liggame walg van hierdie nuttelose kos."
- 6 יהוה het giftige slange onder die volk gestuur wat die volk gebyt het en baie van die mense van Yisra'el het gesterf; ^{Yir 8:17}
- 7 daarom het die mense na Mosheh toe gekom en gesê: "Ons het gesondig, want ons het teen יהוה en teen u gepraat. Tree in voor יהוה dat Hy die slange van ons af wegvat." Mosheh het vir die volk ingetree.
- 8 יהוה sê vir Mosheh: "Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe."
- 9 Mosheh het 'n koper slang gemaak en dit op 'n paal gesit en so was dit dat as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koper slang, hy geleef het. ^{Yog 3:14}
- 10 Die seuns van Yisra'el het weggetrek en kamp opgeslaan in Ovot.
- 11 Hulle het weggetrek van Ovot af en kamp opgeslaan in Iyei-Ha'avarim, in die wildernis oorkant Mo'av, aan die oostekant.
- 12 Van daar het hulle weggetrek en kamp opgeslaan in die vallei van Zered.
- 13 Daarvandaan het hulle weggetrek en kamp opgeslaan oorkant die Arnon, in die wildernis wat strek van die grens van die Emoriete, want die Arnon is die grens van Mo'av, tussen Mo'av en die Emoriete;
- 14 daarom word dit gesê in die Boek van die Oorloë van יהוה: 'Vahev by Sufah, die spruite van die Arnon
- 15 en die hang van die spruite wat na die streek van Ar afloop en leun teen die grens van Mo'av.'
- 16 Daarvandaan het hulle na Be'er getrek. Dit is die put waar יהוה vir Mosheh gesê het: "Maak die mense bymekaar dat Ek vir hulle water kan gee."
- 17 Toe het Yisra'el hierdie lied gesing: "Spring op, O put! Sing almal daarvoor!
- 18 O put, wat die leiers gegrawe het, wat die leiers van die volk gegrawe het, met hulle outoriteit, met hulle stawwe!" Vanaf die wildernis het hulle na Mattanah gegaan
- 19 en van Mattanah na Nagali'el en van Nagali'el na Bamot
- 20 en van Bamot, in die vallei wat in die land van Mo'av lê, na die top van Pisgah, wat oor die wildernis uitkyk.
- 21 Yisra'el het boodskappers gestuur na Sigon, die koning van die Emoriete en gesê:

- 22 “Laat my deur jou land trek. Ons sal nie wegdraai in die lande of in die wingerde nie; ons sal nie die water van die putte drink nie; ons sal op ‘Die Koning se Hoofpad’ hou tot ons deur jou gebied getrek het.”
- 23 Sigon het Yisra’el egter nie toegelaat om deur sy gebied te trek nie. Sigon het al sy mense bymekaargemaak en uitgegaan teen Yisra’el in die wildernis en toe hy by Yahatz kom, het hy teen Yisra’el geveg.
- 24 Yisra’el het hom met die snykant van die swaard geslaan en sy land in besit geneem van die Arnon af tot by die Yabbok, so ver as die seuns van `Amon, want die grens van die seuns van `Amon was versterk.
- 25 Yisra’el het al hierdie stede oorgevat en Yisra’el het gebly in al die stede van die Emoriete; in Heshbon en in al haar dorpies,
- 26 want Heshbon was die stad van Sigon, die koning van die Emoriete, wat oorlog gevoer het teen die vorige koning van die Mo’aviëte en al sy land uit sy hand gevat het tot by die Arnon.
- 27 Dié wat spreekwoorde gebruik sê daarom: “Kom na Heshbon, laat die stad van Sigon herstel word,
- 28 want ’n vuur het uitgegaan uit Heshbon, ’n vlam uit die stad van Sigon! Dit het `Ar van die Mo’aviëte verteer, die meesters van die hoogtes van Arnon.
- 29 Wee jou, Mo’av! Jy is vernietig, volk van K’mosh! Hy het sy seuns as vlugteling gegee en sy dogters in gevangenskap aan Sigon, die koning van die Emoriete,
- 30 maar ons het na hulle geskiet; Heshbon is vernietig so ver as Divon en ons het verwoes tot by Nofag, wat reik tot by Meidva.”
- 31 So het Yisra’el in die land van die Emoriete gebly.
- 32 Mosheh het gestuur om Ya’zer te bespied en hulle het sy dorpies oorgevat en die Emoriete wat daar was, uitgedryf.
- 33 Hulle het gedraai en opgegaan in die rigting van Bashan en `Og, die koning van Bashan, het uitgetrek teen hulle, hy en al sy mense, om te veg by Edre’i.
- 34 יהוה het vir Mosheh gesê: “Moet hom nie vrees nie, want Ek het hom in jou hand gegee, met al sy mense en sy land en jy sal met hom doen soos jy gedoen het met Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het.”
- 35 Hulle het hom verslaan, sy seuns en sy hele volk totdat daar niemand oorgebly het nie en hulle het sy land in besit geneem.

- 22** 1 Die seuns van Yisra’el het weggetrek en kamp opgeslaan in die vlaktes van Mo’av, oorkant die Yarden, regoor Yerigo.
- 2 Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra’el aan die Emoriete gedoen het.
- 3 Mo’av was uitermate bang vir die volk, want hulle was baie en Mo’av was in angs vanweë die teenwoordigheid van die seuns van Yisra’el.
- 4 Mo’av sê vir die oudstes van Midyan: “Nou sal hierdie menigte alles oplek rondom ons, soos ’n bees die gras van die veld oplek.” Balak, die seun van Tzippor, was dié tyd koning van Mo’av.

- 5 Hy het boodskappers gestuur na Bil'am, die seun van B'or, in P'tor wat naby die Rivier (Eufraat) is, in die land van die seuns van sy volk, om hom te roep en te sê: "Let op, daar het 'n volk uit Mitzrayim gekom. Let op, hulle het die oppervlakte van die land toegedek en leef oorkant my.
- 6 Asseblief, kom daarom, vervloek hierdie volk vir my, want hulle is te magtig vir my. Miskien sal ek oorwin en 'n slag slaan en hulle uit die land verdryf, want ek het opgelet dat die een wat jy seën, geseënd is en die een wat jy vervloek, vervloek is."
- 7 Die oudstes van Mo'av en die oudstes van Midyan het vertrek met die waarsêersloon in hulle hand en by Bil'am gekom en vir hom die woorde van Balak gesê.
- 8 Hy antwoord hulle: "Bly vannag hier oor, dan sal ek vir julle woord bring soos יהוה met my mag praat." Die heersers van Mo'av het by Bil'am gebly.
- 9 God het by Bil'am gekom en gesê: "Wie is hierdie manne by jou?"
- 10 Bil'am het God geantwoord: "Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo'av, het na my gestuur en gesê:
- 11 'Let op, daar het 'n volk uit Mitzrayim gekom en hulle het die oppervlak van die land toegedek. Kom nou, vervloek hulle vir my, miskien sal ek hulle kan oorwin in oorlog en hulle uitdryf.' "
- 12 God sê vir Bil'am: "Jy mag nie saam met hulle gaan nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd."
- 13 Bil'am staan die oggend op en sê vir die heersers van Balak: "Gaan terug na julle land, want יהוה het geweier om my saam met julle te laat gaan."
- 14 Die vorste van Mo'av het opgestaan, by Balak gekom en gesê: "Bil'am het geweier om saam met ons te kom."
- 15 Balak stuur weer leiers; meer in getal en meer eerbaar as die ander
- 16 en hulle het by Bil'am gekom en vir hom gesê: "So sê Balak, die seun van Tzippor: 'Ek smeek jou, laat niks jou verhinder om na my toe te kom nie,
- 17 want ek sal jou met groot eer vereer en wat jy vir my sê, sal ek doen; daarom kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my.' "
- 18 Bil'am antwoord en sê vir die diensknegte van Balak: "Al gee Balak vir my sy huis vol silwer en goud, ek kan niks doen, groot of klein, in teenstelling met die opdrag van יהוה, my God, nie.
- 19 Nou daarom, bly julle asseblief ook vannag hier sodat ek mag weet wat יהוה verder vir my sal sê."
- 20 God het in die nag na Bil'am gekom en gesê: "As die mans dan gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan saam met hulle, maar net die woord wat Ek vir jou sê, dit moet jy doen."
- 21 Bil'am het die oggend opgestaan, sy donkie opgesaai en saam met die leiers van Mo'av gegaan.
- 22 God se woede het gebrand omdat hy gegaan het en die boodskapper van יהוה het Homself as teëstander in die pad geplaas. Hy het op sy donkie gery en sy twee diensknegte was saam met hom
- 23 en die donkie het die boodskapper van יהוה in die pad sien staan, met Sy swaard getrek in Sy hand en die donkie het uit die pad uitgedraai, die veld in. Bil'am het die donkie geslaan om haar na die pad toe terug te draai.

- 24 Die boodskapper van יהוה het in 'n smal pad van die wingerde gaan staan, met 'n muur aan dié kant en 'n muur aan die ander kant.
- 25 Toe die donkie die boodskapper van יהוה sien, druk sy haarself teen die muur en druk Bil'am se voet teen die muur sodat hy haar weer geslaan het.
- 26 Die boodskapper van יהוה het verder gegaan en gaan staan op 'n nou plek waar daar geen pad was om of regs of links uit te draai nie.
- 27 Toe die donkie die boodskapper van יהוה sien, gaan sy onder Bil'am lê en Bil'am se woede het gebrand en hy het die donkie met sy staf geslaan.
- 28 יהוה het die bek van die donkie oopgemaak en sy sê vir Bil'am: "Wat het ek aan jou gedoen dat jy my nou al drie maal geslaan het?"
- 29 Bil'am antwoord die donkie: "Omdat jy met my gekseer. Ek wens daar was 'n swaard in my hand, dan het ek jou teen die tyd doodgemaak."
- 30 Die donkie sê vir Bil'am: "Is ek nie jou donkie waarop jy gery het vandat ek joune geword het tot vandag toe nie? Was dit ooit my gewoonte om so met jou te maak?" Hy antwoord: "Nee."
- 31 Toe maak יהוה Bil'am se oë oop en hy sien die boodskapper van יהוה in die pad staan met Sy uitgetrekte swaard in Sy hand en hy het neergebuig en op sy gesig op die grond geval.
- 32 Die boodskapper van יהוה vra vir hom: "Hoekom het jy jou donkie hierdie drie keer geslaan? Let op, Ek het as 'n teëstander teen jou uitgekom, want jou pad loop onaanvaarbaar voor My uit!
- 33 Die donkie het My gesien en hierdie drie keer voor My uitgedraai. As sy nie voor My uitgedraai het nie, sou Ek jou nou doodgemaak en haar laat lewe het."
- 34 Bil'am sê vir die boodskapper van יהוה: "Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie; daarom nou, as dit onaanvaarbaar in U oë is, sal ek teruggaan."
- 35 Die boodskapper van יהוה sê vir Bil'am: "Gaan saam met die manne, maar net die woord wat Ek vir jou sê, dit moet jy praat." Bil'am het saam met die leiers van Balak gegaan.
- 36 Toe Balak hoor dat Bil'am kom, het hy uitgegaan om hom te ontmoet by die stad van Mo'av, wat in die streek van die Arnon lê, by die grens van die streek.
- 37 Balak sê vir Bil'am: "Het ek nie dringend na jou gestuur om jou te laat roep nie? Waarom het jy nie na my toe gekom nie? Is ek werklik nie in staat om jou te vereer nie?"
- 38 Bil'am het Balak geantwoord: "Let op, ek het na jou toe gekom. Is ek in staat om iets te sê? Die woord wat God in my mond sit, dit sal ek sê."
- 39 Bil'am het toe saam met Balak gegaan en hulle het by Kiryat-Hutzot gekom.
- 40 Balak het beeste en kleinvee geoffer en daarvan aan Bil'am en aan die leiers wat by hom was, gestuur.
- 41 Dit was die volgende oggend dat Balak vir Bil'am gevat het en hom opgevat het na die hoë plekke van Ba'al en hy het van daar af 'n gedeelte van die volk gesien.

- 23** 1 Bil'am sê vir Balak: "Bou vir my hier sewe altare en berei vir my hier sewe bulle en sewe ramme voor."
- 2 Balak het gedoen soos Bil'am gevra het en Balak en Bil'am het 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.
- 3 Bil'am sê vir Balak: "Bly by jou brandoffer staan en ek sal weggaan; miskien sal יהוה my tegemoetkom en wat Hy my ook al wys, sal ek aan jou vertel." Hy het na 'n kaal heuwel gegaan.
- 4 God het Bil'am ontmoet en hy het vir Hom gesê: "Ek het die sewe altare voorberei en 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer."
- 5 יהוה het 'n woord in Bil'am se mond gelê en gesê: "Gaan terug na Balak en só moet jy sê."
- 6 Hy het na hom toe teruggegaan en let op, hy het daar by sy brandoffer gestaan, hy en al die leiers van Mo'av.
- 7 Hy het sy vertelling begin en gesê: "Balak, die koning van Mo'av het my uit Aram, uit die berge van die ooste laat haal en gesê: 'Kom, vervloek Ya'akov vir my en kom, verwens Yisra'el.'
- 8 Hoe sal ek vervloek wie Gód nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie יהוה nie verwens nie?
- 9 Want van die bokant van die rotse af sien ek hom en van die heuwels af let ek op hom. Let op, 'n volk wat afgesonderd woon en nie tussen die nasies gereken word nie.
- 10 Wie kan die stof van Ya'akov tel, of 'n kwart van Yisra'el bereken? Laat my die dood van die opregtes sterf en laat my einde soos dié van die opregte wees!"
- 11 Balak sê vir Bil'am: "Wat het jy my aangedoen? Ek het jou gevat om my vyande te vervloek en let op, jy het hulle in werklikheid geseën!"
- 12 Hy antwoord en sê: "Moet ek nie versigtig wees om alles te praat wat יהוה in my mond lê nie?"
- 13 Balak sê vir hom: "Kom asseblief saam met my na 'n ander plek vanwaar jy hulle kan sien; jy sal net die buitewyke van hulle sien en jy sal nie almal kan sien nie; vervloek hulle vir my van daar af."
- 14 Hy het hom gebring by die veld van Tzofim, op die top van Pisgah en sewe altare gebou en 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.
- 15 Hy sê vir Balak: "Bly hier staan by jou brandoffer terwyl ek יהוה daar gaan ontmoet."
- 16 יהוה het Bil'am ontmoet en 'n woord in sy mond gelê en gesê: "Gaan terug na Balak en só moet jy praat."
- 17 Hy het by hom gekom en let op, hy het daar by sy brandoffer gestaan en die leiers van Mo'av by hom en Balak sê vir hom: "Wat het יהוה gesê?"
- 18 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: "Staan op Balak en hoor! Luister na my, seun van Tzippor!"
- 19 Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?

- 20 Let op, ek het 'n opdrag ontvang om te seën. Wanneer Hy seën, kan ek dit nie omkeer nie.
- 21 Hy het nie boosheid opgemerk in Ya'akov nie en sien geen moeilikheid in Yisra'el nie. יהוה, sy God, is met hom en die gejuig tot die Koning is tussen hulle.
- 22 Die Magtige God bring hulle uit Mitzrayim, Hy is vir hulle soos die lang horings van 'n wilde bul (Aurogs),
- 23 want daar is geen binding teen Ya'akov of toordery teen Yisra'el nie. Dit sal nou van Ya'akov en van Yisra'el gesê word wat die Magtige God gedoen het.
- 24 Let op, die volk staan op soos 'n leeuwyfie en lig homself op soos 'n leeu. Hy sal nie gaan lê voordat hy die prooi verteer het en die bloed van die wat verslaan is, drink nie.”
- 25 Balak sê vir Bil'am: “Moet hulle glad nie vervloek nie en moet hulle glad nie seën nie.”
- 26 Bil'am antwoord en sê vir Balak: “Het ek nie vir jou gesê nie: ‘Alles wat יהוה sê, dit moet ek doen?’”
- 27 Balak sê vir Bil'am: “Kom asseblief, ek sal jou na 'n ander plek toe vat; miskien sal dit reg wees in die oë van God dat jy hulle vir my daarvandaan vervloek.”
- 28 Balak vat vir Bil'am na die top van P'or wat oor die wildernis afkyk
- 29 en Bil'am sê vir Balak: “Bou vir my hier sewe altare en berei vir my hier sewe bulle en sewe ramme voor.”
- 30 Balak het gedoen soos Bil'am gesê het en 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.
- 24** 1 Toe Bil'am sien dat dit goed was in die oë van יהוה om Yisra'el te seën, het hy hom nie soos die vorige kere tot gesigte deur 'n visioen gewend nie, maar sy gesig na die wildernis gedraai
- 2 en Bil'am het sy oë opgeslaan en Yisra'el uitgekamp gesien, volgens hulle stamme en die Gees van God het op hom gekom.
- 3 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: “Die Godsopenbaring van Bil'am, die seun van B'or; die Godsopenbaring van die man wie se oë oopgemaak is;
- 4 die Godsopenbaring van hom wat die woorde van die Magtige God hoor, wat die visioen van die Almagtige sien, wat neerval met onbedekte oë:
- 5 Hoe goed is jou tente, O Ya'akov, jou blyplek, O Yisra'el!
- 6 Soos valleie wat uitgestrek is, soos tuine by 'n rivier, soos aalwyne geplant deur יהוה, soos seders langs die water;
- 7 water sal vloei uit sy emmers en sy saad sal by baie waters wees. Sy koning sal hoër wees as Agag en sy koninkryk opgelig!
- 8 Die Magtige God bring hom uit Mitzrayim uit, hy het lang horings soos 'n wilde bul (Aurogs); hy sal die nasies verteer wat teenoor hom staan en hulle bene breek en met sy pyle deurboor.
- 9 Hy het afgebuig, hy het gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin: wie sal hom opjaag? Geseënd is almal wat jou seën en vervloek is almal wat jou vervloek!”
- 10 Balak se woede het gebrand teen Bil'am en hy het sy hande saamgeslaan. Balak het vir Bil'am gesê: “Ek het jou laat roep om my vyande te vervloek en let op, jy het volgehou om hulle te seën; hierdie drie keer!

- 11 Vlug daarom nou na jou plek toe; ek het gedink om jou met groot eer te vereer, maar let op, יהוה het jou van verering af teruggehou.”
- 12 Bil'am het vir Balak gesê: “Het ek nie ook met jou boodskappers wat jy na my gestuur het, gepraat en gesê:
- 13 ‘Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan nie uit my eie uit teen die opdrag van יהוה enige iets doen, goed of kwaad, nie, maar wat יהוה sê, dit sal ek sê?’
- 14 Nou, let op, ek gaan na my mense toe. Kom, ek sal jou inlig oor wat hierdie volk jou volk sal aandoen in die dae wat kom.”
- 15 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: “Die Godsopenbarings van Bil'am, die seun van B'or en die Godsopenbaring van die man wie se oog oopgemaak is;
- 16 die Godsopenbaring van hom wat die boodskappe van die Magtige God hoor, wat die kennis van die Allerhoogste ken en die visioen van die Almagtige sien en wat neerval en tog met sy oë onbedek.
- 17 Ek sien Hom, maar nie nou nie, ek aanskou Hom, maar nie naby nie: 'n Ster sal kom uit Ya'akov, 'n Septer sal opstaan uit Yisra'el, deur die voorkop van Mo'av breek en al die seuns van Shet afbreek. ^{Yog 5:46}
- 18 Edom en Se'ir sal 'n besitting wees, asook sy vyande, maar Yisra'el sal dapper optree.
- 19 Vanuit Ya'akov sal Een wees wat heerskappy het en die wat oorbly uit die stad vernietig.”
- 20 Toe het hy na 'Amalek gekyk, sy vertelling voortgesit en gesê: “'Amalek was eerste onder die nasies, maar sy einde sal vernietiging wees.” ^{Deut 25:17-19; 1 Sh'm 15:2-4}
- 21 Toe het hy na die Keiniete gekyk, sy vertelling voortgesit en gesê: “Jou blyplek staan vas en jou nes is vasgemaak op die rots,
- 22 nogtans sal die Keiniete verteer word. Hoe lank sal Ashur jou gevange hou?”
- 23 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: “O, wie kan lewe, behalwe as die Magtige God dit bepaal het?
- 24 Skepe sal egter kom van die kus van Kittim af en hulle sal Ashur en 'Ever onderdruk en so sal hulle kom tot vernietiging.”
- 25 Bil'am het opgestaan en weggegaan, terug na sy plek en Balak het ook op sy pad gegaan.

- 25** 1 Terwyl Yisra'el in Sheetim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Mo'aviëte
- 2 en dié het die volk na die offers van hulle gode uitgenooi en die volk het geëet en neergebuig voor hulle gode.
 - 3 Yisra'el was verenig met Ba'al-P'or en die woede van יהוה het teen Yisra'el gebrand ^{Ps 106:28}
 - 4 יהוה sê vir Mosheh: “Neem al die leiers van die volk en stel hulle bloot in die helder daglig voor יהוה sodat die brandende woede van יהוה van Yisra'el af weggedraai kan word.”
 - 5 Mosheh het vir die regters van Yisra'el gesê: “Elkeen van julle maak sy manne dood wat verenig is met Ba'al-P'or.”

- 6 Let op, een van die manne van Yisra'el het gekom en 'n vrou van Midyan tussen sy volksgenote ingebring, voor die oë van Mosheh en voor die oë van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el terwyl hulle huil voor die ingang van die Tent van Ontmoeting.
- 7 Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat,
- 8 agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop.
- 9 Die wat in die plaag gesterf het, was vier en twintig duisend (24,000).
- 10 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 11 “Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die seuns van Yisra'el af weggedraai deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die seuns van Yisra'el verteer het in My jaloesie nie;
- 12 daarom, sê: ‘Let op, Ek gee vir hom My Verbond van vrede;
- 13 dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond wees van 'n ewige priesterskap omdat hy jaloers was vir sy God en toedekking vir die seuns van Yisra'el gedoen het.” Mal 2:5
- 14 Die naam van die Yisra'elitiese man wat doodgemaak is, wat saam met die vrou van Midyan doodgemaak is, was Zimri, die seun van Salu, heerser van 'n vader se huis, van die stam van Shim'on.
- 15 Die naam van die vrou van Midyan wat doodgemaak is, was Kozbi, die dogter van Tzur. Hy was hoof van een van die stamme van 'n vader se huis in Midyan.
- 16 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 17 “Val die Midyaniete aan as vyand,
- 18 want hulle het julle as vyand behandel deur hulle planne wat hulle teen julle bedink het aangaande P'or en aangaande Kozbi, die dogter van die heerser van Midyan, hulle suster, wat op die dag van die plaag doodgemaak is as gevolg van P'or.”
- 26** 1 Dit het gebeur, ná die plaag, dat יְהוָה met Mosheh en met El'azar, die seun van Aharon, die priester, gepraat en gesê het:
- 2 “Tel die volle getal van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el per kop, van twintig jaar oud en ouer, volgens hulle vaders se huise, almal wat in staat is om oorlog toe te gaan in Yisra'el.”
- 3 Mosheh en El'azar, die priester, het met hulle gepraat in die vlaktes van Mo'av, by die Yarden, oorkant Yerigo en gesê:
- 4 “Tel van twintig jaar oud en ouer, soos יְהוָה vir Mosheh beveel het.” Die seuns van Yisra'el wat uit Mitzrayim uitgetrek het, was:
- 5 Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el. Die seuns van Re'uven was: van Hanokh, die familie van die Hanokhiete; van Pallu, die familie van die Pallu'iete;
- 6 van Hetzron, die familie van die Hetzroniete; van Karmi, die familie van die Karmiete.
- 7 Hierdie is die families van die Re'uveniete en die van hulle wat getel is, was drie en veertig duisend sewe honderd en dertig (43 730).

- 8 Die seuns van Pallu was: Eli'av;
- 9 die seuns van Eli'av was: N'mu'el, Datan en Aviram. Dit is dieselfde Datan en Aviram wat uit die vergadering uitgeroep was, wat gestry het teen Mosheh en Aharon in die groep van Korag, om teen יְהוָה te stry. Num 16:24-33
- 10 Die aarde het sy mond oopgemaak en hulle ingesluk, saam met Korag, toe daardie groep dood is en die vuur twee honderd en vyftig man verteer het en hulle het 'n waarskuwing geword.
- 11 Die seuns van Korag het egter nie gesterf nie.
- 12 Die seuns van Shim'on, volgens hulle families: van N'mu'el, die familie van die N'mu'eliete; van Yamin, die familie van die Yaminiete; van Yakhin, die familie van die Yakhiniete;
- 13 van Zerag, die familie van die Zeragiete; van Sha'ul, die familie van die Sha'uliete.
- 14 Hierdie is die families van die Shim'oniete, twee en twintig duisend twee honderd (22 200).
- 15 Die seuns van Gad, volgens hulle families: van Tz'fon, die familie van die Tz'foniete; van Haggi, die familie van die Haggiete; van Shuni, die familie van die Shuniete;
- 16 van Ozni, die familie van die Ozniete; van 'Eri, die familie van die 'Eriete;
- 17 van Arod, die familie van die Arodiete; van Ar'eli, die familie van die Ar'eliete.
- 18 Dit is die families van die seuns van Gad, volgens die van hulle wat getel is, veertig duisend vyf honderd (40 500).
- 19 Die seuns van Y'hudah was: 'Er en Onan, maar 'Er en Onan het gesterf in die land van Kena'an.
- 20 Die seuns van Y'hudah, volgens hulle families: van Shelah, die familie van die Shelaniete; van Peretz, die familie van die Partziete; van Zerag, die familie van die Zeragiete.
- 21 Die seuns van Peretz was: van Hetzron, die familie van die Hetzroniete; van Hamul, die familie van die Hamuliete.
- 22 Hierdie is die families van Y'hudah, volgens die van hulle wat getel is, ses en sewentig duisend vyf honderd (76 500).
- 23 Die seuns van Yissakhar, volgens hulle families was: van Tola, die familie van die Tola'iete; van Puvah, die familie van die Puniete;
- 24 van Yashuv, die familie van die Yashuviete; van Shimron, die familie van die Shimroniete.
- 25 Hierdie is die families van Yissakhar, volgens die van hulle wat getel is, vier en sestig duisend drie honderd (64 300).
- 26 Die seuns van Z'vulun, volgens hulle families was: van Sered, die familie van die Serediete; van Elon, die familie van die Eloniete; van Yagle'el, die familie van die Yagle'eliete.
- 27 Hierdie is die families van die Z'vuluniete, volgens die van hulle wat getel is, sestig duisend vyf honderd (60 500).
- 28 Die seuns van Yosef, volgens hulle families was: M'nasheh en Efrayim.

- 29 Die seuns van M'nasheh was: van Makhir, die familie van die Makhiriete. Makhir was die vader van Gil'ad; van Gil'ad, die familie van die Gil'adiete.
- 30 Hierdie is die seuns van Gil'ad: van I'ezer, die familie van die I'ezriete; van Helek, die familie van die Helekiete.
- 31 Van Asri'el, die familie van die Asri'eliete; van Sh'khem, die familie van die Sh'khemiete;
- 32 van Sh'mida, die familie van die Sh'mida'iete; van Hefer, die familie van die Hefriete.
- 33 Tz'lofgad, die seun van Hefer, het geen seuns gehad nie, maar dogters. Die name van die dogters van Tz'lofgad was: Magla, No'ah, Hoglah, Milkah en Tirtzah.
- 34 Hierdie is die families van M'nasheh en die van hulle wat getel is, twee en vyftig duisend sewe honderd (52 700).
- 35 Hierdie is die seuns van Efrayim, volgens hulle families: van Shutelag, die familie van die Shutalgiete; van Bekher, die familie van die Bakhriete; van Tagan, die familie van die Taganiete.
- 36 Hierdie is die seuns van Shutelag: van 'Eran die familie van die 'Eraniete.
- 37 Hierdie is die families van die seuns van Efrayim, volgens die van hulle wat getel is, twee en dertig duisend vyf honderd (32 500). Hierdie is die seuns van Yosef, volgens hulle families.
- 38 Die seuns van Binyamin, volgens hulle families was: van Bela, die familie van die Bal'iete; van Ashbel, die familie van die Ashbeliete; van Agiram, die familie van die Agiramiete;
- 39 van Sh'fufam, die familie van die Shufamiete; van Hufam, die familie van die Hufamiete.
- 40 Die seuns van Bela was: Ard en Na'aman; van Ard, die familie van die Ardiete; van Na'aman, die familie van die Na'amaniete.
- 41 Hierdie is die seuns van Binyamin, volgens hulle families; die van hulle wat getel is, was vyf en veertig duisend ses honderd (45 600).
- 42 Hierdie is die seuns van Dan, volgens hulle families: van Shugam, die familie van die Shugamiete. Hierdie is die families van Dan, volgens hulle families.
- 43 Al die families van die Shugamiete, volgens die van hulle wat getel is, was vier en sestig duisend vier honderd (64 400).
- 44 Die seuns van Asher, volgens hulle families: van Yimnah, die familie van die Yimnahiete; van Yishvi, die familie van die Yishviete; van B'ri'ah, die familie van die B'ri'iete;
- 45 van die seuns van B'ri'ah: van Hever, die familie van die Heveriete; van Malki'el, die familie van die Malki'eliete.
- 46 Die naam van die dogter van Asher was Serag.
- 47 Dit is die families van die seuns van Asher, volgens die van hulle wat getel is, drie en vyftig duisend vier honderd (53 400).
- 48 Die seuns van Naftali, volgens hulle families was: van Yagtz'e'el, die familie van die Yagtz'e'eliete; van Guni, die familie van die Guni'iete;
- 49 van Yetzer, die familie van die Yitzriete; van Shillem, die familie van die Shillemiete.

- 50 Hierdie is die families van Naftali, volgens hulle families; die van hulle wat getel is, was vyf en veertig duisend vier honderd (45 400).
- 51 Hierdie is die wat getel is van die seuns van Yisra'el: ses honderd en een duisend sewe honderd en dertig (601 730).
- 52 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 53 “Vir hierdie mense moet die land as erfenis verdeel word, volgens die getal name.
- 54 Vir die wat baie is, moet jy 'n groter erfenis gee en vir die wat min is, moet jy 'n kleiner erfdeel gee. Elkeen moet sy erfdeel ontvang, volgens hulle wat van hom getel is,
- 55 maar die land moet deur die lot verdeel word, volgens die name van die stamme van hulle vaders moet hulle erwe.
- 56 Deur die lot moet hulle erfenis verdeel word tussen die wat baie is en die wat min is.
- 57 Hierdie is die wat getel is van Levi, volgens hulle families: van Gershon, die familie van die Gershoniete; van K'hat, die familie van die K'hatiete; van M'rari, die familie van die M'rari'iete.
- 58 Hierdie is die families van die Leviëte: die geslag van die Livniete, die familie van die Hevroniete, die familie van die Magli'iete, die familie van die Mushi'iete en die familie van die Koragiete. K'hat was die vader van `Amram.
- 59 Die naam van `Amram se vrou was Yokheved, die dogter van Levi wat vir Levi in Mitzrayim gebore is en vir `Amram het sy geboorte gegee aan: Aharon, Mosheh en aan Miryam, hulle suster. ^{Eks 6:16, 18, 20}
- 60 Vir Aharon is gebore: Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.
- 61 Nadav en Avihu het gesterf toe hulle vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring het. ^{Lev 10}
- 62 Die van hulle wat getel is, almal wat manlik was van 'n maand oud en ouer, was drie en twintig duisend (23 000), want hulle is nie getel onder die ander seuns van Yisra'el nie omdat aan hulle geen erfdeel onder die seuns van Yisra'el gegee is nie.
- 63 Hierdie is hulle wat deur Mosheh en El'azar, die priester, getel is, wat die seuns van Yisra'el in die vlaktes van Mo'av getel het, by die Yarden, oorkant Yerigo,
- 64 maar onder hulle was daar nie 'n man van dié wat deur Mosheh en Aharon, die priester, getel is, toe hulle die seuns van Yisra'el in die wildernis van Sinai getel het, nie,
- 65 want יהוה het vir hulle gesê: “Hulle sal sekerlik sterf in die wildernis! Van hulle het niemand oorgebly nie buiten Kalev, die seun van Y'funneh en Y'hoshua, die seun van Nun.
- 27** 1 Toe het die dogters van Tz'lof'gad, die seun van Hefer, die seun van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh, van die families van M'nasheh, die seun van Yosef, nadergekom; dit is die name van sy dogters: Maglah, No'ah, Hoglah, Milkah en Tirtzah
- 2 en hulle het gaan staan voor Mosheh, voor El'azar, die priester, voor die leiers en die hele vergadering, by die ingang van die Tent van Ontmoeting en gesê:

- 3 “Ons vader het in die wildernis gesterf, maar hy was nie in die groep van die wat teen יהוה bymekaargekom het saam met Korag nie, maar hy het in sy eie sonde gesterf en geen seuns gehad nie.
- 4 Waarom moet die naam van ons vader uit sy familie verwyder word omdat hy geen seun gehad het nie? Gee vir ons ’n besitting tussen die broers van ons vader.”
- 5 Mosheh het hulle saak voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring.
- 6 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 7 “Die dogters van Tz’lof’gad praat reg. Jy moet ’n besitting as erfenis aan hulle toewys tussen die broers van hulle vader en die erfdeel van hulle vader op hulle laat oorgaan.
- 8 Jy moet met die seuns van Yisra’el praat en sê: ‘As iemand sterf en geen seun het nie, moet julle sy erfdeel op sy dogter laat oorgaan
- 9 en as hy geen dogter het nie, moet julle sy erfdeel aan sy broers gee
- 10 en as hy geen broers het nie, moet julle sy erfdeel aan die broers van sy vader gee
- 11 en as sy vader geen broers het nie, moet julle sy erfdeel aan sy naaste bloedverwant gee uit sy familie en dié sal dit besit. Dit moet vir die seuns van Yisra’el ’n regsinstelling wees, soos יהוה Mosheh beveel het.”
- 12 יהוה het aan Mosheh gesê: “Klim op hierdie berg, Avarim en kyk na die land wat Ek aan die seuns van Yisra’el gegee het.
- 13 Wanneer jy dit gesien het, sal jy ook by jou volksgenote bymekaargemaak word soos jou broer Aharon
- 14 omdat julle in die wildernis van Tzin, tydens die opstand van die vergadering, teen My opdrag, om My by die water as Afgesonderd voor hulle te behandel, gerebelleer het. Dit is die waters van M’rivah-Kadesh, in die wildernis van Tzin.”
- 15 Mosheh het met יהוה gepraat en gesê:
- 16 “Laat יהוה, die God van die geeste van alle vlees, ’n man oor die vergadering aanstel
- 17 wat voor hulle uitgaan en voor hulle ingaan, wat hulle uitlei en wat hulle inlei sodat die vergadering van יהוה nie mag wees soos skape wat geen herder het nie.”
- 18 יהוה sê vir Mosheh: “Vat vir Y’hoshua, die seun van Nun, ’n man in wie die Gees is en lê jou hand op hom
- 19 en laat hom voor die priester El’azar en voor die hele vergadering staan en stel hom aan voor hulle oë.
- 20 Jy moet sommige van jou outoriteit aan hom oorgee sodat die hele vergadering van die seuns van Yisra’el hom gehoorsaam sal wees.
- 21 Hy moet voor El’azar, die priester, staan dat dié vir hom die beslissing van die Urim kan vra voor die Teenwoordigheid van יהוה. Volgens Sy opdrag moet hulle uitgaan en volgens Sy opdrag moet hulle ingaan, hy en al die seuns van Yisra’el saam met hom, die hele vergadering.”
- 22 Mosheh het gedoen soos יהוה hom beveel het: hy het Y’hoshua gevat en hom voor El’azar, die priester en voor die hele vergadering laat staan
- 23 en hy het hom die hande opgelê en hom aangestel soos יהוה deur die hand van Mosheh beveel het.

28 יְהוָה¹ het met Mosheh gepraat en gesê:

- 2 “Beveel die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Julle moet versigtig wees om My offers, My kos vir My offers, wat deur vuur gebring word, as ’n aangename geur vir My, op die vasgestelde tye vir My te bring’.
- 3 Jy moet vir hulle sê: ‘Dit is die offer deur vuur wat julle aan יְהוָה moet bring: twee lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek, dag na dag, as ’n voortdurende brandoffer.
- 4 Die een lam moet jy met dagbreek offer en die ander lam moet jy teen sononder offer;
- 5 met ’n tiende van ’n efa fyn meel as graanoffer, gemeng met ’n kwart hin uitgestampte olie.
- 6 Dit is die voortdurende brandoffer wat by die berg Sinai ingestel is as ’n aangename geur, ’n offer, deur vuur, aan יְהוָה gebring.
- 7 Die drankoffer daarby, moet ’n kwart hin wees vir elke lam. In ’n afgesonderde plek moet jy die sterk drank as offer tot יְהוָה uitgooi. ^{Deut 14:24-26}
- 8 Die ander lam moet jy teen die aand offer; met dieselfde graanoffer as in die oggend en met die drankoffer daarby, moet jy dit offer; ’n offer, deur vuur, as ’n aangename geur tot יְהוָה.
- 9 Op die Shabbatdag moet jy twee lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek en twee tiendes van ’n efa fyn meel as graanoffer, met olie gemeng en die drankoffer daarby bring;
- 10 dit is die brandoffer vir elke Shabbat, behalwe die voortdurende brandoffer en die drankoffer daarby.
- 11 Aan die begin van julle maande moet julle ’n brandoffer tot יְהוָה bring: twee jong bulle, een ram en sewe lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek,
- 12 drie-tiendes van ’n efa fyn meel as graanoffer, met olie gemeng, vir elke bul en twee-tiendes fyn meel as graanoffer, met olie gemeng, vir die ram
- 13 en een-tiende fyn meel as graanoffer, met olie gemeng, vir elke lam. Dit is ’n brandoffer as aangename geur, ’n offer deur vuur tot יְהוָה.
- 14 Hulle drankoffers moet ’n half hin wyn vir ’n bul, ’n derde hin vir ’n ram en ’n kwart hin vir ’n lam wees. Dit is die brandoffer by elke maand, vir die maande regdeur die jaar.
- 15 Een bokram moet ook as sondoffer aan יְהוָה geoffer word, saam met die drankoffer, behalwe vir die voortdurende brandoffer.
- 16 Op die veertiende dag van die eerste maand, is die Pesag van יְהוָה. ^{Lev 23}
- 17 Op die vyftiende dag van hierdie maand is ’n fees; sewe dae lank moet ongesuurde brood geëet word.
- 18 Op die eerste dag moet daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; jy mag géén werk doen nie
- 19 en julle moet ’n offer deur vuur, as brandoffer, aan יְהוָה bring: twee jong bulle, een ram en sewe lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek.
- 20 Hulle graanoffer moet fyn meel met olie gemeng wees: drie-tiendes van ’n efa vir ’n bul en twee-tiendes vir ’n ram moet julle offer.

- 21 Jy moet een tiende van 'n efa offer vir elkeen van die sewe lammers
 22 en een bokram as sondoffer om vir julle toedekking te doen.
- 23 Hierdie moet bo en behalwe die dagbreekbrandoffer, wat as voortdurende brandoffer dien, geoffer word.
- 24 Op dié manier moet julle elke dag, sewe dae lank, die kos van die offer deur vuur as aangename geur vir יהוה offer; bo en behalwe die voortdurende brandoffer moet dit geoffer word, saam met die drankoffer daarby.
- 25 Op die sewende dag moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie.
- 26 Op die dag van die eerste vrugte, wanneer julle 'n nuwe graanoffer by julle Fees van Weke (Shavu'ot) aan יהוה bring, moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie.
- 27 Julle moet 'n brandoffer as aangename geur tot יהוה bring: twee jong bulle, een ram, sewe lammers in hulle eerste jaar
- 28 en hulle graanoffer van fyn meel met olie gemeng: drie tiendes vir elke bul, twee tiendes vir die ram,
- 29 een tiende vir elkeen van die sewe lammers
- 30 en een bokram om vir julle toedekking te doen.
- 31 Julle moet dit offer saam met hulle drankoffers, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en sy graanoffer daarby, hulle moet sonder gebrek wees.
- 29** ^{1 Lev 23} In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie; dit moet vir julle 'n dag van die blaas van die ramshoring wees.
- 2 Julle moet 'n brandoffer as aangename geur vir יהוה offer: een jong bul, een ram en sewe lammers in hul eerste jaar sonder gebrek.
- 3 Hulle graanoffer is fyn meel met olie gemeng: drie-tiendes van 'n efa vir die bul, twee-tiendes vir die ram
- 4 en een-tiende vir elkeen van die sewe lammers
- 5 en een bokram as sondoffer om vir julle toedekking te doen,
- 6 bo en behalwe die brandoffer en die graanoffer van die maand en die voortdurende brandoffer en sy graanoffer daarby en hulle drankoffers volgens die voorskrif, tot 'n aangename geur, 'n offer, deur vuur, aan יהוה.
- 7 Op die tiende van hierdie sewende maand moet julle 'n afgesonderde byeenkoms hou, julle moet nederig vas en julle mag géén werk doen nie.
- 8 Julle moet 'n brandoffer as aangename geur tot יהוה offer: een jong bul, een ram, sewe lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 9 en hulle graanoffer van fyn meel met olie gemeng: drie-tiendes vir die bul, twee-tiendes vir die ram,
- 10 een-tiende vir elkeen van die sewe lammers
- 11 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die sondoffer van toedekking en die voortdurende brandoffer en die graanoffer daarby en hulle drankoffers.

- 12 Op die vyftiende dag van die sewende maand moet julle 'n afgesonderde byeenkoms hou; julle mag géén werk doen nie, maar julle moet sewe dae lank vir יְהוָה 'n fees vier. ^{Yog 7:2}
- 13 Julle moet as brandoffer, 'n offer deur vuur as 'n aangename geur tot יְהוָה bring: dertien jong bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 14 en hulle graanoffer van fyn meel met olie gemeng: drie-tiendes vir elkeen van die dertien bulle, twee-tiendes vir elkeen van die twee ramme,
- 15 een-tiende vir elkeen van die veertien lammers
- 16 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer, die graanoffer en die drankoffer daarby;
- 17 op die tweede dag: twaalf jong bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 18 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
- 19 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
- 20 op die derde dag: elf bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 21 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
- 22 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
- 23 op die vierde dag: tien bulle, twee ramme, veertien lammers, in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 24 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
- 25 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
- 26 op die vyfde dag: nege bulle, twee ramme en veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 27 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
- 28 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
- 29 op die sesde dag: agt bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 30 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
- 31 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby
- 32 op die sewende dag: sewe bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 33 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif

- 34 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby.
- 35 Op die agtste dag moet julle 'n feestyd hou; julle mag géén werk doen nie.
- 36 Julle moet as brandoffer, 'n offer, deur vuur, as aangename geur tot יהוה offer: een bul, een ram, sewe lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
- 37 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
- 38 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby.
- 39 Hierdie moet julle op julle vasgestelde tye as julle brandoffer, julle graanoffer, drankoffer en vredesoffer tot יהוה offer, bo en behalwe julle geloftes en julle vrywillige geskenke.”
- 40 Mosheh het vir die seuns van Yisra'el alles gesê net soos יהוה Mosheh beveel het.
- 30** 1 Mosheh het met die hoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el gepraat en gesê: “Hierdie is dit wat יהוה beveel het:
- 2 ‘Wanneer iemand aan יהוה 'n gelofte doen of 'n eed sweer waardeur hy homself tot iets verbind, moet hy sy woord nie breek nie; hy moet alles doen wat uit sy mond uitgaan. Deut 23:21
- 3 Wanneer 'n vrou aan יהוה 'n gelofte gedoen het of haarself tot iets verbind het terwyl sy jonk was in haar vader se huis
- 4 en haar vader van haar gelofte hoor of van die verbintenis waartoe sy haarself verbind het en haar vader oor haar stilgebly het, dan sal al haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan,
- 5 maar as haar vader haar verbied op die dag dat hy daarvan hoor, sal geen van haar geloftes en verbintenisse waartoe sy haarself verbind het, staan nie en יהוה sal haar vergewe omdat haar vader haar verbied het.
- 6 As sy met 'n man sou trou terwyl haar geloftes op haar rus of iets wat onverskillig gesê is, waardeur sy haarself verbind het
- 7 en haar man daarvan hoor en op die dag wat hy dit hoor daaroor stilbly, dan sal haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan.
- 8 As haar man op die dag dat hy daarvan hoor, haar verbied, dan maak hy haar gelofte, wat op haar rus, tot niet en ook dit wat onverskillig gesê is, waardeur sy haarself verbind het en יהוה sal haar dit vergewe.
- 9 Die gelofte van 'n weduwee of van 'n vrou wat geskei is; alles waardeur sy haarself verbind het, sal teenoor haar vasstaan.
- 10 As sy in die huis van haar man 'n gelofte gedoen het of haarself verbind het met 'n eed
- 11 en haar man daarvan hoor en stilbly teenoor haar en haar nie verbied nie, dan sal al haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan.
- 12 As haar man die dinge uitdruklik verbreek op die dag dat hy daarvan hoor, sal niks van alles wat oor haar lippe uitgegaan het, van haar geloftes of van dit waartoe sy haarself verbind het, staan nie; haar man het dit verbreek en יהוה sal haar dit vergewe.

- 13 Elke gelofte, elke eed en elke verbintenis om haarself te verneder; haar man sal dit laat vasstaan, of haar man kan dit vernietig.
 - 14 As haar man van dag tot dag heeltemal stilbly teenoor haar, dan het hy al haar geloftes en alles waartoe sy haarself verbind het, bevestig; hy het dit bevestig, want hy het stilgebly teenoor haar op die dag dat hy daarvan gehoor het.
 - 15 As hy dit duidelik tot niet maak nadat hy daarvan gehoor het, dan dra hy haar skuld.”
 - 16 Hierdie is die voorskrifte wat יהוה Mosheh beveel het tussen 'n man en sy vrou en tussen 'n vader en sy dogter terwyl sy in haar jeug in haar vader se huis is.
- 31** יהוה 1 het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Neem wraak vir die seuns van Yisra’el op die Midyaniete; daarna sal jy na jou volksgenote toe weggevat word.”
 - 3 Mosheh het met die volk gepraat en gesê: “Bewapen sommige vanuit julle vir oorlog en laat hulle teen Midyan optrek om die wraak van יהוה op Midyan uit te oefen:
 - 4 'n duisend vanuit elke stam van al die stamme van Yisra’el moet julle na die oorlog toe stuur.”
 - 5 Daar is vanuit die duisende van Yisra’el, 'n duisend vir elke stam aangewys, twaalf duisend bewapen vir die oorlog.
 - 6 Mosheh het hulle na die oorlog gestuur, 'n duisend vir elke stam; hy het hulle na die oorlog gestuur met Pingas, die seun van El'azar, die priester, met die afgesonderde voorwerpe en die trompette om alarm te maak, in sy hand.
 - 7 Hulle het oorlog gemaak teen Midyan, net soos יהוה Mosheh beveel het en al die mans doodgemaak.
 - 8 Hulle het ook die konings van Midyan saam met die res doodgemaak: Evi, Rekem, Tzur, Hur en Reva, die vyf konings van Midyan. Hulle het ook vir Bil'am, die seun van B'or, met die swaard doodgemaak.
 - 9 Die seuns van Yisra’el het die vroue van Midyan en hulle kinders gevange geneem en al hulle beeste, al hulle vee en al hulle skatte geroof.
 - 10 Toe het hulle ook al hulle stede waarin hulle gebly het en al hulle kampe met vuur verbrand
 - 11 en al die roof en al die buit gevat, mense en diere.
 - 12 Hulle het die gevangenes, die buit en die roof na Mosheh en El'azar, die priester en na die vergadering van die seuns van Yisra’el gebring, na die kamp in die vlaktes van Mo'av, by die Yarden, oorkant Yerigo.
 - 13 Mosheh, El'azar, die priester en al die leiers van die vergadering het gegaan en hulle buitekant die kamp ontmoet
 - 14 en Mosheh was kwaad vir die offisiere van die leer, die bevelvoerders oor duisend en die bevelvoerders oor honderd, wat van die oorlog af gekom het.
 - 15 Mosheh het vir hulle gesê: “Het julle al die vroue gespaar en hulle laat lewe?
 - 16 Let op, hierdie vroue het, deur die raad van Bil'am, die seuns van Yisra’el teenoor יהוה laat oortree in die saak van P'or ^{Num 25:1-5} sodat daar 'n plaag was in die vergadering van יהוה.

- 17 Maak daarom nou almal wat van die manlike geslag is onder die kinders dood en maak elke vrou wat 'n man geken het deur by hom te lê, dood,
- 18 maar laat vir julleself al die vroulike kinders wat nie 'n man geken het deur by hom te lê nie, lewe.
- 19 Slaan kamp op buitekant die kamp vir sewe dae lank; elkeen wat 'n mens doodgemaak en elkeen wat aan 'n dooie geraak het; julle moet jul op die derde dag en op die sewende dag reinig, julle en jul gevangenes.
- 20 Reinig ook al die klere, elke ding van leer, alles wat van bokhaar gemaak is en elke ding van hout.”
- 21 El'azar, die priester, het vir die soldate wat oorlog toe gegaan het, gesê: “Dit is die reëls van die wet wat יהוה Moshèh beveel het:
- 22 net die goud, die silwer, die koper, die yster, die tin en die lood,
- 23 elke ding wat deur die vuur kan gaan, moet julle deur die vuur laat gaan en dit sal rein wees; dit moet ook deur die water vir onreinheid gereinig word. Alles wat nie deur die vuur kan gaan nie, moet julle deur die water laat gaan.
- 24 Julle moet julle klere op die sewende dag was en rein wees; daarna mag julle in die kamp inkom.”
- 25 יהוה het met Moshèh gepraat en gesê:
- 26 “Tel die koppe van wat as buit weggevoer is, van mense en van diere, jy en die priester, El'azar en die hoof vaders van die vergadering
- 27 en verdeel die buit tussen die wat deel gehad het aan die oorlog, wat uitgegaan het in geveg én die hele vergadering. ^{1 Sh'm 30:22-25}
- 28 Hef 'n belasting vir יהוה van die soldate wat na die oorlog uitgegaan het; een uit elke vyf honderd van die mense, van die beeste, van die donkies en van die kleinvee.
- 29 Vat dit van hulle helfte en gee dit vir El'azar, die priester, as 'n offer wat opgelig word voor יהוה.
- 30 Uit die seuns van Yisra'el se helfte moet jy een vat uit elke vyftig; uit die mense, die beeste, die esels, die kleinvee en uit al die diere en jy moet dit aan die Leviete gee wat die dienswerk by die tabernakel van יהוה doen.”
- 31 Moshèh en El'azar, die priester, het gedoen soos יהוה Moshèh beveel het.
- 32 Die buit, wat oorgebly het van die roof wat die soldate gevat het, was ses honderd vyf en sewentig duisend stuks kleinvee,
- 33 twee en sewentig duisend beeste,
- 34 een en sestig duisend esels
- 35 en twee en dertig duisend mense, vrouens wat nie 'n man geken het deur by hom te lê nie.
- 36 Die helfte, die deel van hulle wat na die oorlog uitgegaan het, was drie honderd sewe en dertig duisend vyf honderd stuks kleinvee
- 37 en die eerbetoning aan יהוה uit die kleinvee was ses honderd vyf en sewentig.
- 38 Die beeste was ses en dertig duisend en die eerbetoning daarvan aan יהוה, twee en sewentig.
- 39 Die donkies was dertig duisend vyf honderd en die eerbetoning daarvan aan יהוה, een en sestig.

- 40 Die mense was sestien duisend en die eerbetoning daarvan aan יהוה, twee en dertig mense.
- 41 Mosheh het vir El'azar, die priester, die eerbetoning gegee wat as opligoffer tot יהוה bestem was, soos יהוה Mosheh beveel het.
- 42 Vanuit die helfte vir die seuns van Yisra'el, wat Mosheh van die soldate af gedeel het,
- 43 die helfte wat aan die vergadering behoort het, was uit die kleinvee, drie honderd sewe en dertig duisend vyf honderd,
- 44 die beeste was ses en dertig duisend,
- 45 die donkies dertig duisend vyf honderd
- 46 en mense, sestien duisend.
- 47 Mosheh het, uit die helfte wat aan die seuns van Yisra'el behoort, een uit elke vyftig, van mense en van diere, van die wat uitgehaal is, gevat en aan die Leviëte, wat die dienswerk by die tabernakel van יהוה doen, gegee soos יהוה Mosheh beveel het.
- 48 Die offisiere oor die duisende van die leër, die bevelvoerders oor duisend en die bevelvoerders oor honderd, het nadergekom na Mosheh
- 49 en aan Mosheh gesê: “U dienaars het die volle getal van die soldate opgeneem wat onder ons bevel was en daarvan word nie een vermis nie;
- 50 daarom bring elkeen van ons as offer aan יהוה wat hy aan goue goed gevind het: armkettings, armbande, vingerringe, ooringe en halssierade, om toedekking te doen vir onself voor die Teenwoordigheid van יהוה”.
- 51 Mosheh en El'azar, die priester, het die goud, allerhande gemaakte voorwerpe, van hulle af ontvang.
- 52 Al die goud van die offergawe, wat die bevelvoerders oor duisend en die bevelvoerders oor honderd aan יהוה afgegee het, was sestien duisend sewe honderd en vyftig sikkels.
- 53 Die soldate het elkeen vir homself buit gevat.
- 54 Mosheh en El'azar, die priester, het die goud van die bevelvoerders oor duisend en oor honderd ontvang en dit in die Tent van Ontmoeting, voor die Teenwoordigheid van יהוה, as 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el gebring.
- 32** 1 Die seuns van Re'uven en die seuns van Gad het 'n baie groot aantal vee gehad en toe hulle gesien het dat die land van Ya'zer en die land Gil'ad 'n plek vir vee is,
- 2 het die seuns van Gad en die seuns van Re'uven gekom en met Mosheh, El'azar, die priester en met die leiers van die vergadering gepraat en gesê:
- 3 “ ‘Atarot, Divon, Ya'zer, Nimrah, Heshbon, El'aleh, S'vam, N'vo en Be'on;
- 4 die land wat יהוה voor die vergadering van Yisra'el uit verslaan het; is 'n land vir vee en u diensknegte het vee;”
- 5 daarom het hulle gesê: “As ons guns in u oë gevind het, laat hierdie land aan u diensknegte as 'n besitting gegee word; moet ons nie oor die Yarden laat gaan nie.”
- 6 Mosheh het vir die seuns van Gad en die seuns van Re'uven gesê: “Sal julle broers oorlog toe gaan terwyl julle hier sit?

- 7 Waarom wil julle nou die seuns van Yisra'el ontmoedig om oor te gaan in die land wat יהוה aan hulle gegee het?
- 8 Net so het julle vaders gedoen, toe ek hulle van Kadesh-Barnea af gestuur het om na die land te kyk,
- 9 want toe hulle tot by die Eshkolvallei opgetrek het en na die land gekyk het, het hulle die wil, verstand en emosie van die seuns van Yisra'el ontmoedig sodat hulle nie ingegaan het in die land wat יהוה aan hulle gegee het nie
- 10 en die woede van יהוה het die dag opgevlam en Hy het gesweer en gesê:
- 11 'Waarlik, nie een van die manne wat uit Mitzrayim opgetrek het, van twintig jaar oud en ouer, sal die land sien wat Ek aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het nie, want hulle het My nie volkome gevolg nie,
- 12 behalwe Kaleb, die seun van Y'funneh, die K'niziet en Y'hoshua, die seun van Nun, want hulle het יהוה volkome gevolg.'
- 13 Die woede van יהוה het teen Yisra'el ontbrand en Hy het hulle veertig jaar lank in die wildernis laat rondswerf totdat die hele geslag, wat boos gedoen het in die oë van יהוה, vernietig is.
- 14 Let op, julle het opgestaan in die plek van julle vaders, 'n voortplanting van sondige mense, om by die brandende woede van יהוה teen Yisra'el by te voeg.
- 15 As julle wegdraai daarvan om Hom te volg, sal Hy hulle nog langer in die wildernis laat bly en julle sal al hierdie mense vernietig."
- 16 Hulle het na hom toe gekom en gesê: "Ons sal hier skaapkrale bou vir ons vee en stede vir ons kinders,
- 17 maar ons self sal gewapen wees, gereed om te gaan voor die seuns van Yisra'el totdat ons hulle op hul plekke gebring het en ons kinders sal in die versterkte stede bly vanweë die inwoners van die land.
- 18 Ons sal nie na ons huise teruggaan voordat elkeen van die seuns van Yisra'el sy erfenis ontvang het nie,
- 19 want ons sal nie saam met hulle anderkant die Yarden en verder erf nie omdat ons erfdeel aan dié kant, oos van die Yarden, ons toegeval het."
- 20 Mosheh sê vir hulle: "As julle dit doen, as julle jul voor יהוה vir die oorlog bewapen
- 21 en julle almal bewapend voor יהוה deur die Yarden trek totdat Hy Sy vyande voor Hom uit verdrywe het
- 22 en die land voor יהוה onderwerp is, dan mag julle teruggaan, dan sal julle onskuldig wees voor יהוה en voor Yisra'el en hierdie land sal vir julle 'n besitting word voor יהוה,
- 23 maar as julle dit nie so doen nie, let op, julle het teen יהוה gesondig en weet dat julle sonde julle sal uitvind.
- 24 Bou stede vir jul kinders en krale vir jul kleinvee en doen wat julle belowe het."
- 25 Die seuns van Gad en die seuns van Re'uven het met Mosheh gepraat en gesê: "U diensknegte sal doen soos my meester beveel het.
- 26 Ons kinders, ons vroue, ons kleinvee en al ons vee sal daar wees, in die stede van Gil'ad,

- 27 maar u diensknegte sal oorgaan na die geveg, almal vir die oorlog bewapen voor יְהוָה, net soos my meester gesê het.”
 - 28 Moshêh het aangaande hulle aan El'azar, die priester, aan Y'hoshua, die seun van Nun en aan die hoofvaders van die stamme van die seuns van Yisra'el bevel gegee
 - 29 en Moshêh het vir hulle gesê: “As die seuns van Gad en die seuns van Re'uven saam met julle oor die Yarden trek, elke man bewapen vir die oorlog voor יְהוָה en die land voor julle uit onderwerp is, moet julle die land Gil'ad vir hulle as 'n besitting gee,
 - 30 maar as hulle nie gewapend saam met julle oortrek nie, moet hulle tussen julle in die land Kena'an besittings verkry.”
 - 31 Die seuns van Gad en die seuns van Re'uven het geantwoord en gesê: “Wat יְהוָה aan u diensknegte gesê het, so sal ons doen.
 - 32 Ons sal gewapend oortrek voor יְהוָה na die land Kena'an, maar die besitting van ons erfenis sal by ons bly aan dié kant van die Yarden.”
 - 33 Moshêh het vir die seuns van Gad, die seuns van Re'uven en die halwe stam van M'nasheh, die seun van Yosef, die koninkryk van Sigon, koning van die Emorieë en die koninkryk van 'Og, koning van Bashan, die land, met sy stede binne die grondgebied en die stede van die omliggende land, gegee.
 - 34 Die seuns van Gad het gebou: Divon, 'Atarot, 'Aro'er,
 - 35 Atrot-Shofan, Ya'zer, Yogbehah,
 - 36 Beit-Nimrah en Beit-Haran, versterkte stede en skaapkrale.
 - 37 Die seuns van Re'uven het gebou: Heshbon, El'aleh, Kiryatayim,
 - 38 N'vo en Ba'al-M'on (hulle name is verander) en Sebmah; hulle het ander name gegee aan die stede wat hulle gebou het.
 - 39 Die seuns van Makhir, die seun van M'nasheh, het na Gil'ad gegaan en dit oorgevat en die Emorieë onteien wat daarin was.
 - 40 Moshêh het Gil'ad vir Makhir, die seun van M'nasheh, gegee en hy het daarin gewoon.
 - 41 Ya'ir, die seun van M'nasheh, het gegaan en hulle klein dorpie ingeneem en dit Havot-Ya'ir genoem.
 - 42 Novag het gegaan en K'nat en sy klein dorpie ingeneem en dit na sy eie naam, Novag, vernoem.
- 33** 1 Dit is die reis van die seuns van Yisra'el wat uit Mitzrayim uitgetrek het volgens hulle leërafdelings, onder die leierskap van Moshêh en Aharon.
- 2 Moshêh het volgens die opdrag van יְהוָה die aanvangsplekke van hulle reis opgeskryf. Hierdie is hulle reis, volgens hul aanvangsplekke:
 - 3 hulle het vanaf Ram'ses vertrek in die eerste maand, op die vyftiende dag van die eerste maand, op die dag ná die Pesach het die seuns van Yisra'el vrymoediglik voor die oë van al die Mitzrayimiete uitgetrek
 - 4 terwyl die Mitzrayimiete besig was om hulle eersgeborenes, wat יְהוָה onder hulle getref het, te begrawe. יְהוָה het ook oordele oor hulle gode uitgevoer.

- 5 Die seuns van Yisra'el het van Ram'ses af weggetrek en het by Sukkot kamp opgeslaan.
- 6 Hulle het van Sukkot af weggetrek en kamp opgeslaan in Etam wat aan die kant van die wildernis lê.
- 7 Hulle het van Etam af weggetrek en teruggedraai na Pi-Hagirot wat voor Ba'al-Tz'fon lê en hulle het voor Migdol gekamp.
- 8 Hulle het van Pi-Hagirot af weggetrek en regdeur die see gegaan na die wildernis, drie dagreise ver die wildernis van Etam in en by Marah gekamp.
- 9 Hulle het van Marah af weggetrek en by Eilim gekom. In Eilim was twaalf waterfonteine en sewentig palmbome en hulle het daar gekamp.
- 10 Hulle het van Eilim af weggetrek en by die Sufsee gekamp.
- 11 Hulle het van die Sufsee af weggetrek en in die wildernis van Sien gekamp.
- 12 Hulle het uit die wildernis van Sien weggetrek en in Dofkah gekamp.
- 13 Hulle het van Dofkah af weggetrek en in Alush gekamp.
- 14 Hulle het van Alush af weggetrek en in Refidim gekamp, waar daar geen water vir die volk was om te drink nie.
- 15 Hulle het van Refidim af weggetrek en in die wildernis van Sinai gekamp.
- 16 Hulle het uit die wildernis van Sinai weggetrek en in Kivrot-HaTa'avah gekamp.
- 17 Hulle het van Kivrot-HaTa'avah af weggetrek en in Hatzerot gekamp.
- 18 Hulle het van Hatzerot af weggetrek en in Ritmah gekamp.
- 19 Hulle het van Ritmah af weggetrek en in Rimmon-Peretz gekamp.
- 20 Hulle het van Rimmon-Peretz af weggetrek en in Livnah gekamp.
- 21 Hulle het van Livnah af weggetrek en in Rissah gekamp.
- 22 Hulle het van Rissah af weggetrek en in K'helah gekamp.
- 23 Hulle het van K'helah af weggetrek en by die berg Shefer gekamp.
- 24 Hulle het van die berg Shefer af weggetrek en in Haradah gekamp.
- 25 Hulle het van Haradah af weggetrek en in Mak'helot gekamp.
- 26 Hulle het van Mak'helot af weggetrek en in Tagat gekamp.
- 27 Hulle het van Tagat af weggetrek en in Terag gekamp.
- 28 Hulle het van Terag af weggetrek en in Mitkah gekamp.
- 29 Hulle het van Mitkah af weggetrek en in HaShmonah gekamp.
- 30 Hulle het van HaShmonah af weggetrek en in Moserot gekamp.
- 31 Hulle het van Moserot af weggetrek en in B'nei-Ya'akan gekamp.
- 32 Hulle het van B'nei-Ya'akan af weggetrek en in Hor-HaGidgad gekamp.
- 33 Hulle het van Hor-HaGidgad af weggetrek en in Yotvatah gekamp.
- 34 Hulle het van Yotvatah af weggetrek en in Avronah gekamp.
- 35 Hulle het van Avronah af weggetrek en in 'Etzyon-Gever gekamp.
- 36 Hulle het van 'Etzyon-Gever af weggetrek en in die wildernis van Tzin, dit is Kadesh, gekamp.
- 37 Hulle het van Kadesh af weggetrek en by die berg Hor, aan die kant van die land van Edom, gekamp.
- 38 Aharon, die priester, het volgens die opdrag van יהוה op die berg Hor geklim en daar gesterf, in die veertigste jaar nadat die seuns van Yisra'el uit die land van Mitzrayim uitgekom het, in die vyfde maand, op die eerste van die maand.

- 39 Aharon was honderd drie en twintig jaar oud toe hy op die berg Hor gesterf het.
 - 40 Die Kena'anitiese koning van 'Arad, wat in die Negev, in die land Kena'an gebly het, het gehoor dat die seuns van Yisra'el kom.
 - 41 Hulle het van die berg Hor af weggetrek en in Tzalmonah gekamp.
 - 42 Hulle het van Tzalmonah af weggetrek en in Punon gekamp.
 - 43 Hulle het van Punon af weggetrek en in Ovot gekamp.
 - 44 Hulle het van Ovot af weggetrek en in 'Iyei-Ha'Avarim, by die grens van Mo'av gekamp.
 - 45 Hulle het van 'Iyei-Ha'Avarim af weggetrek en in Divon-Gad gekamp.
 - 46 Hulle het van Divon-Gad af weggetrek en in 'Almon-Divlatayim gekamp.
 - 47 Hulle het van 'Almon-Divlatayim af weggetrek en in die 'Avarimgebergte, voor N'vo gekamp.
 - 48 Hulle het van die 'Avarimgebergte af weggetrek en in die vlaktes van Mo'av, by die Yarden oorkant Yerigo gekamp.
 - 49 Hulle het by die Yarden, van Beit-Yeshimot af tot by Avel-HaSheetim, in die vlaktes van Mo'av gekamp.
 - 50 יִרְדֵּן het met Mosheh gepraat in die vlaktes van Mo'av, by die Yarden oorkant Yerigo, en gesê:
 - 51 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle oor die Yarden in die land Kena'an ingetrek het,
 - 52 moet julle al die inwoners van die land voor julle uit verdrywe en al hulle gekerfde klippe vernietig; vernietig ook al hulle gegote beelde en verwoes al hulle hoë plekke.
 - 53 Julle moet die inwoners van die land onteien en daarin bly, want Ek het die land vir julle gegee om dit te besit.
 - 54 Julle moet die land deur die lot as erfenis verdeel tussen julle families; vir die wat baie is, moet julle 'n groot erfenis gee en vir die wat min is, moet jy 'n klein erfenis gee. Elkeen se erfenis sal wees waar die lot vir hom val. Julle sal erf volgens die stamme van julle vaders.
 - 55 As julle die bewoners van die land egter nie voor julle uit verdrywe nie, sal die wat julle van hulle laat oorbly, soos dorings in julle oë wees en soos steke in julle sye en hulle sal julle teëstaan in die land waar julle in bly.
 - 56 Meer nog, soos Ek gedink het om aan hulle te doen, sal Ek aan julle doen.
- 34** יִרְדֵּן ¹ het met Mosheh gepraat en gesê:
- 2 “Gee bevel aan die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land Kena'an kom, sal dit die land wees wat aan julle as erfenis sal toeval; die land Kena'an, volgens sy grense.
 - 3 Julle suidelike grens sal van die wildernis van Tzin af, langs Edom, wees en julle suidelike grens moet vanaf die einde van die Soutsee ooswaarts wees.
 - 4 Julle grens moet draai van die suidekant van die Steilte van 'Akrabbim en aangaan na Tzin toe, eindig suid van Kadesh-Barnea en aan na Hatzar-Addar en aangaan tot by 'Atzmon.

- 5 Die grens sal draai van 'Atzmon af na die spruit van Mitzrayim toe en by die see eindig.
- 6 Wat die westelike grens betref, julle sal die Groot See as grens hê; dit moet julle westelike grens wees.
- 7 Dit sal julle noordelike grens wees: van die Groot See af moet julle afmerk na die berg toe.
- 8 Vanaf die berg moet julle afmerk tot by die ingang na Hamat en die grens se verste punt is by Tz'dad.
- 9 Die grens gaan aan tot by Zifron en eindig by Hatzar-'Einan. Dit sal julle noordelike grens wees.
- 10 Julle moet jul oostelike grens afmerk van Hatzar-'Einan af na Sh'fam.
- 11 Die grens sal afloop van Sh'fam na Rivlah, aan die oostekant van 'Ayin; die grens sal afloop en raak aan die oostekant van die meer van Kinneret.
- 12 Die grens moet afloop met die Yarden totdat dit eindig by die Soutsee. Dit moet vir julle die land wees volgens sy grense rondom.”
- 13 Mosheh het die seuns van Yisra'el beveel en gesê: “Dit is die land wat julle deur die lot sal erf, wat יְהוָה beveel het om aan die nege stamme en aan die halwe stam te gee,
- 14 want die stam van die seuns van Re'uven, volgens die huise van hulle vaders, die stam van die seuns van Gad, volgens die huise van hulle vaders en die halwe stam van M'nasheh het reeds hulle erfdeel ontvang.”
- 15 Die twee stamme en die halwe stam het hulle erfenis oorkant die Yarden teenoor Yerigo, ooswaarts na die sonsopkoms, ontvang.
- 16 יְהוָה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 17 “Hierdie is die name van die manne wat die land tussen julle moet verdeel: El'azar, die priester en Y'hoshua, die seun van Nun.
- 18 Julle moet ook een leier vat uit elke stam om die land as erfenis te verdeel.
- 19 Hierdie is die name van die manne: van die stam van Y'udah: Kaleb, die seun van Y'funneh;
- 20 van die stam van die seuns van Shim'on: Sh'mu'el, die seun van 'Ammihud;
- 21 van die stam van Binyamin: Elidad, die seun van Kislou;
- 22 die leier van die stam van die seuns van Dan: Bukki, die seun van Yogli;
- 23 van die seuns van Yosef: die leier van die seuns van die stam van M'nasheh: Hani'el, die seun van Efod;
- 24 die leier van die stam van die seuns van Efrayim: K'mu'el, die seun van Shifan;
- 25 die leier van die stam van die seuns van Z'vulun: Elitzafan, die seun van Parnakh;
- 26 die leier van die stam van die seuns van Yissakhar: Palti'el, die seun van 'Azan;
- 27 die leier van die stam van die seuns van Asher: Agihud, die seun van Shlomi;
- 28 die leier van die stam van die seuns van Naftali: P'dah'el, die seun van 'Ammihud.”
- 29 Hierdie is hulle vir wie יְהוָה beveel het om die erfenis vir die seuns van Yisra'el in die land Kena'an te verdeel.

- 35** ¹ יהוה het met Mosheh gepraat in die vlaktes van Mo'av, by die Yarden oorkant Yerigo en gesê:
- 2 “Gee bevel aan die seuns van Yisra’el dat hulle aan die Leviëte, van die erfenis van hulle besitting stede gee om in te bly en julle moet ook weidingsgrond rondom die stede vir die Leviëte gee.
- 3 Hulle sal die stede hê om in te bly en die oop grond moet vir hulle beeste en hulle vee en al hulle diere wees.
- 4 Die weidingsgrond van die stede wat julle vir die Leviëte gee, moet van die stadsmuur af buitentoe, ’n duisend el rondom wees.
- 5 Julle moet ook buitekant die stad meet: aan die oostekant twee duisend el, aan die suidekant twee duisend el, aan die westekant twee duisend el en aan die noordekant twee duisend el en die stad in die middel. Dit moet vir hulle die oop grond deel van die stede wees.
- 6 Uit die stede wat julle vir die Leviëte gee, moet julle ses stede aanstel as stede van beskerming, waarheen een wat manslag begaan het, kan vlug en daarby moet julle twee en veertig stede bysit.
- 7 Al die stede wat julle aan die Leviëte gee, moet agt en veertig stede wees, hulle saam met hulle oop grond.
- 8 Die stede wat julle gee sal uit die besitting van die seuns van Yisra’el kom. Vanaf die groter stamme sal julle baie gee en van die kleiner, min. Elkeen sal sommige van sy stede aan die Leviëte gee, volgens die erfenis wat elkeen kry.”
- 9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
- 10 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle deur die Yarden in die land Kena’an ingaan,
- 11 moet julle stede aanstel as stede van beskerming sodat die een wat manslag begaan en ’n mens nie met opset doodgeslaan het nie, daarheen kan vlug.
- 12 Die stede moet vir julle as beskerming dien teen die familiewreker sodat hy wat manslag begaan het, nie sterf voordat hy voor die vergadering gestaan het vir oordeel nie.
- 13 Uit die stede wat julle gee, moet ses as stede van beskerming dien.
- 14 Drie van die stede moet julle aan dié kant van die Yarden gee en drie moet julle in die land Kena’an gee, wat stede van beskerming sal wees.
- 15 Hierdie ses stede sal vir die seuns van Yisra’el, die vreemdeling en die besoeker onder hulle, as stede van beskerming dien sodat elkeen daarheen kan vlug wat per ongeluk ’n mens doodgeslaan het,
- 16 maar as hy hom slaan met ’n ystervoorwerp sodat hy sterf, dan is hy ’n moordenaar; die moordenaar moet tereggestel word tot die dood.
- 17 As hy hom slaan met ’n klip in die hand, waardeur iemand kan sterf en hy sterf, dan is hy ’n moordenaar; die moordenaar moet tereggestel word tot die dood,
- 18 of as hy hom slaan met ’n houtvoorwerp in die hand, waardeur iemand kan sterf en hy sterf, dan is hy ’n moordenaar; die moordenaar moet tereggestel word tot die dood.

- 19 Die familiewreker van bloed moet self die moordenaar doodmaak; as hy hom teëkom, moet hy hom doodmaak.
- 20 As hy hom uit haat stamp of lê en wag en na hom gooi sodat hy sterf,
- 21 of hom uit vyandskap met sy hand slaan sodat hy sterf, dan moet hy wat geslaan het, tereggestel word tot die dood; hy is 'n moordenaar; die familiewreker van bloed moet die moordenaar doodmaak as hy hom teëkom.
- 22 As hy hom egter skielik, sonder vyandskap, stamp of iets na hom gooi sonder om te lê en wag,
- 23 of as 'n klip waardeur iemand kan sterf, op hom val sonder dat hy hom sien sodat hy sterf terwyl hy nie sy vyand was of sy skade gesoek het nie,
- 24 dan moet die vergadering tussen hom wat doodgeslaan het en die familiewreker van bloed, oordeel volgens hierdie wette.
- 25 So sal die vergadering hom wat manslag begaan het, red uit die hand van die familiewreker van bloed en die vergadering moet hom laat teruggaan na die stad van beskerming waarheen hy gevlug het en hy moet daarin bly tot die dood van die hoofpriester wat met die afgesonderde olie gesalf is,
- 26 maar as hy wat manslag begaan het, ooit buitekant die grens van die stad van beskerming gaan waarheen hy gevlug het
- 27 en die familiewreker van bloed hom buitekant die grens van die stad van beskerming kry en die familiewreker van bloed die een wat manslag begaan het doodslaen, dan sal hy nie skuldig wees aan bloed nie,
- 28 want hy moes in die stad van beskerming gebly het tot die dood van die hoofpriester, maar ná die dood van die hoofpriester mag die een wat manslag begaan het, teruggaan na die land van sy besitting.
- 29 Hierdie dinge moet vir julle 'n reël van oordeel wees in julle geslagte, in al julle blyplekke.
- 30 Wie ook al 'n mens doodslaen, die moordenaar moet op verklaring van getuies gedood word, maar een getuie kan nie teen iemand getuig dat hy sal sterf nie.
- 31 Meer nog, julle mag geen loskoopgeld aanvaar vir die lewe van 'n moordenaar wat skuldig is aan dood nie, want hy moet tereggestel word tot die dood.
- 32 Julle mag ook geen geld aanneem om iemand vry te stel van die vlug na die stad van beskerming sodat hy kan teruggaan om in die land te woon, tot die dood van die priester nie.
- 33 So moet julle nie die land waarin julle bly vuil maak nie, want bloed maak die land vuil en geen toedekking kan vir die land gemaak word, vir die bloed wat daarin vergiet is nie, behalwe deur die bloed van hom wat dit vergiet het;
- 34 daarom, moenie die land waar julle in bly, vuil maak nie omdat Ek daarin bly, want Ek, יהוה, bly tussen die seuns van Yisra'el.”

- 36** 1 Die hoof vaders van die families van die seuns van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh, uit die families van die seuns van Yosef, het nader gekom en voor Mosheh en die leiers, die hoof vaders van die seuns van Yisra'el, gepraat
- 2 en gesê: “יהודה” het aan my meester, Mosheh, bevel gegee om die land deur die lot as erfenis aan die seuns van Yisra'el te gee en my meester is deur יהודה bevel om die erfenis van ons broer Tz'lof'gad aan sy dogters te gee.
- 3 As hulle nou trou met enige van die seuns uit die ander stamme van die seuns van Yisra'el, dan word hulle erfenis van ons vaders se erfenis af weggevat en bygesit by die erfenis van die stam waarin hulle trou; so sal dit weggevat word uit die erfdeel wat vir ons deur die lot aangewys is.
- 4 As die jubeljaar vir die seuns van Yisra'el aanbreek, dan word hulle erfenis bygevoeg by die erfenis van die stam waarin hulle getrou het; so sal hulle erfenis dan weggevat word van die erfenis van ons vaders se stam.”
- 5 Mosheh het die seuns van Yisra'el volgens die opdrag van יהודה bevel en gesê: “Wat die stam van die seuns van Yosef sê is reg.
- 6 Hierdie is wat יהודה aangaande die dogters van Tz'lof'gad bevel het deur te sê: ‘Laat hulle trou met wie ook al goed is in hulle oë, maar hulle moet trou net binne die families van die stam van hulle vader.
- 7 So sal die erfenis van die seuns van Yisra'el nie van stam tot stam oorgaan nie, want die seuns van Yisra'el moet elkeen die erfenis van die stam van sy vaders behou.
- 8 Elke dogter wat 'n erfenis kry, uit al die stamme van die seuns van Yisra'el, moet trou met een uit die families van die stam van haar vader sodat die seuns van Yisra'el elkeen die erfenis van sy vaders kan besit.
- 9 So sal dan 'n erfenis nie van een stam na 'n ander stam oorgaan nie, want die stamme van die seuns van Yisra'el moet elkeen sy erfenis vashou.’ “
- 10 Soos יהודה Mosheh bevel het, so het die dogters van Tz'lof'gad gedoen,
- 11 want Maglah, Tirtza, Hoglah, Milkah en No'ah, die dogters van Tz'lof'gad, het getrou met die seuns van hulle vader se broers.
- 12 Hulle het getrou in die families van die seuns van M'nasheh, die seun van Yosef en hulle erfenis het gebly in die stam van die familie van hulle vader.
- 13 Hierdie is die opdragte en die regverdige oordele wat יהודה die seuns van Yisra'el bevel het deur die hand van Mosheh, in die vlaktes van Mo'av by die Yarden oorkant Yerigo.

Die vyfde boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyfde boek van die Instruksies (Torah)

Deuteronomium

(דְּבָרִים - D'varim – Woorde)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

- 1 Hierdie is die woorde waarmee Mosheh met die hele Yisra'el gepraat het, oorkant die Yarden, in die wildernis, in die vlakte oorkant Suf, tussen Pa'ran, Tofel, Lavan, Hatzerot en Di-Zahav.
- 2 Dit vat elf dae vanaf Horev na Kadesh-Barnea via die berg Se'ir.
- 3 In die veertigste jaar, in die elfde maand, op die eerste van die maand, het Mosheh met die seuns van Yisra'el gepraat, volgens alles wat יהוה hom beveel het aangaande hulle,
- 4 nadat hy Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Hesbon gebly het en 'Og, die koning van Bashan, wat in 'Ashtarot en Edre'i gebly het, verslaan het.
- 5 Oorkant die Yarden, in die land Mo'av, het Mosheh begin om hierdie wet te verklaar deur te sê:
- 6 יהוה, ons God, het met ons by Horev gepraat en gesê: 'Julle het lank genoeg by hierdie berg gebly.
- 7 Draai en vertrek na die bergland van die Emoriete en na al hulle aangrensende plekke in die vlakte, in die berge, in die laaglande, in die Negev (Suidland) en aan die seekus, na die land van die Kena'aniete en die L'vanon, tot by die groot rivier, die Eufraatrivier.
- 8 Kyk, Ek het die land voor julle geplaas; gaan in en neem die land in besit, wat יהוה aan julle vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee en aan hulle nageslag ná hulle.'
- 9 Ek het met julle in dié tyd gepraat en gesê: 'Ek kan julle nie alleen dra nie.
- 10 יהוה, julle God, het julle vermenigvuldig en let op, hier is julle vandag soos die sterre van die hemel in getal.
- 11 Mag יהוה, die God van julle vaders, julle 'n duisend maal meer maak as wat julle is en julle seën soos Hy julle beloof het!
- 12 Hoe kan ek julle moeilikhede, laste en regsake alleen dra?
- 13 Kies wyse, verstandige en ervare manne vanuit julle stamme en ek sal hulle leiers oor julle maak.'
- 14 Julle het my geantwoord en gesê: 'Dit wat u vir ons gesê het, is goed om te doen.'
- 15 Ek het die hoofde van julle stamme, wyse en ervare manne, gevat en hulle as hoofde oor julle aangestel, heersers oor duisend, heersers oor honderd, heersers oor vyftig, heersers oor tien en opsigters vir julle stamme.
- 16 Ek het in dié tyd julle regters beveel en gesê: 'Luister na die sake tussen julle broers en oordeel onpartydig opreg tussen 'n man en sy volksgenoot, of die vreemdeling wat by hom is.
- 17 Julle mag nie partydig wees in oordele nie; ^{Ya'a 2:9} julle moet die klein sowel as die groot sake aanhoor; julle moenie bang wees vir enige mens nie, want die oordeel is God s'n en enige saak wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal dit aanhoor.'
- 18 In daardie tyd het ek julle al die dinge beveel wat julle moet doen.
- 19 Toe het ons weggetrek van Horev af en deur daardie hele groot en vreeslike wildernis getrek wat julle op pad na die bergland van die Emoriete gesien het, soos יהוה, ons God, ons beveel het en ons het tot by Kadesh-Barnea gekom.

- 20 Ek het vir julle gesê: 'Julle het by die bergland van die Emoriete gekom wat יהודה, ons God, vir ons gee.
- 21 Let op, יהודה, jou God, het die land voor jou geplaas; gaan op en neem dit in besit soos יהודה, die God van jou vaders, vir jou gesê het; moenie bang en ontmoedig wees nie.'
- 22 Almal van julle het na my toe gekom en gesê: 'Laat ons manne voor ons uitstuur sodat hulle vir ons die land kan verken en aan ons berig kan bring aangaande die pad waarlangs ons moet optrek en van die stede waarin ons sal kom.'
- 23 Die saak was goed in my oë sodat ek twaalf man vanuit julle, een man uit elke stam, gevat het.
- 24 Hulle het weggedraai en opgegaan in die bergland, tot by die vallei van Eshkol en dit verken.
- 25 Hulle het van die vrugte van die land in hulle hand geneem en dit na ons toe afgebring en aan ons verslag gedoen en gesê: 'Die land wat יהודה, ons God, aan ons gee, is goed.'
- 26 Nogtans wou julle nie optrek nie, maar julle het teen die opdrag van יהודה, julle God, gerebelleer
- 27 en in julle tente gemurmureer en gesê: 'Omdat יהודה ons haat, het Hy ons uit Mitzrayim uitgelei om ons in die hand van die Emoriete oor te gee, om ons te vernietig.
- 28 Waarheen moet ons optrek? Ons broers het ons verstand, wil en emosie laat smelt deur te sê: "Dit is 'n volk groter en langer as ons; die stede is groot en tot aan die hemel versterk en boonop het ons ook die seuns van die 'Anakiete daar gesien.'"
- 29 Ek het vir julle gesê: 'Moenie geskok wees of bang wees vir hulle nie,
- 30 יהודה, julle God, wat voor julle uitgaan, Hy sal vir julle baklei net soos Hy voor julle oë vir julle in Mitzrayim gedoen het
- 31 en in die wildernis, waar julle gesien het hoe יהודה, julle God, jul gedra het soos 'n man sy seun dra, op die hele pad wat julle geloop het totdat julle tot by hierdie plek gekom het.'
- 32 Tog, na al hierdie dinge, het julle nie vertrou in יהודה, julle God,
- 33 wat voor julle uit getrek het op die pad om vir julle 'n plek uit te soek om julle kamp op te slaan, om die pad vir julle te wys waar julle moet gaan, snags deur die vuur en bedags deur die wolk, nie.
- 34 יהודה het die klank van julle woorde gehoor en Hy was kwaad en het gesweer en gesê:
- 35 'Nie een van die manne van hierdie bese geslag, sal daardie goeie land sien wat Ek met 'n eed beloof het om aan julle vaders te gee nie,
- 36 behalwe Kalev, die seun van Y'funneh; hy sal dit sien en aan hom en sy kinders gee Ek die land waarop hy geloop het omdat hy יהודה ten volle gevolg het.'
- 37 יהודה was ook kwaad vir my as gevolg van julle en het gesê: 'Selfs jy sal nie daar ingaan nie.
- 38 Y'hoshua, die seun van Nun, wat voor jou staan, hy sal daar ingaan; bemoedig hom, want hy sal Yisra'el dit laat erf.

- 39 Meer nog, julle kleintjies en julle seuns, van wie julle gesê het: 'Hulle sal 'n buit word,' wat vandag geen kennis van goed of kwaad het nie, hulle sal daar ingaan, aan hulle sal Ek dit gee en hulle sal dit in besit neem,
- 40 maar julle, draai om en vertrek na die wildernis op die pad na die Sufsee.'
- 41 Toe antwoord julle en sê vir my: 'Ons het teen יהוה gesondig; ons sal opgaan en gaan veg, net soos יהוה, ons God, ons beveel het.' Elkeen het sy oorlogswapens aangegord en dit as maklik beskou om in die bergland op te gaan
- 42 en יהוה het vir my gesê: 'Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.'
- 43 So het ek met julle gepraat, tog het julle nie geluister nie, maar julle het teen die opdrag van יהוה gerebelleer en verwaand in die bergland opgetrek
- 44 en die Emoriete wat in dié bergland gebly het, het uitgetrek teen julle en julle gejaag soos bye en julle aan stukke geslaan van Se'ir tot by Hormah.
- 45 Julle het teruggekom en voor יהוה gehuil, maar יהוה wou nie na julle stem luister nie en het geen gehoor aan julle gegee nie.
- 46 So het julle, volgens die dae wat julle daar gebly het, baie dae (lank) in Kadesh gebly.
- 2 1 Toe het ons gedraai en vertrek na die wildernis, op die pad van die Sufsee, soos יהוה vir my gesê het en ons het vir baie dae lank om die berg Se'ir getrek.
- 2 יהוה het met my gepraat en gesê:
- 3 'Julle het lank genoeg om hierdie berg getrek. Draai noordwaarts weg
- 4 en beveel die volk en sê: 'Julle is op die punt om te trek deur die grondgebied van julle broers, die seuns van 'Esav, wat in Se'ir bly en hulle sal bang wees vir julle. Wees daarom baie versigtig.
- 5 Moet hulle nie uittart nie, want Ek gee aan julle niks van hulle land nie, nie eers 'n plek om jou voetsool neer te sit nie, want Ek het die berg Se'ir vir 'Esav as 'n besitting gegee. ^{Yir 49:10; 'Ova 1:18}
- 6 Julle moet kos van hulle koop met geld sodat julle kan eet en julle moet ook water van hulle koop vir geld sodat julle kan drink,
- 7 want יהוה, jou God, het jou geseën in alles wat jy gedoen het. Hy het jou trek deur hierdie groot wildernis geken. Vir veertig jaar lank was יהוה, jou God, met jou, jy het geen tekort gehad nie.'
- 8 Toe ons verby ons broers getrek het, die seuns van 'Esav, wat in Se'ir bly, weg van die vlakte se pad af, weg van Eilat en 'Etzyon-Gever af, het ons weggedraai en verby getrek op die pad van die wildernis van Mo'av.
- 9 יהוה het vir my gesê: 'Moenie vyandskap teenoor Mo'av wys nie en begeef jou nie in oorlog teen hulle nie, want Ek sal niks van sy land vir jou as besitting gee nie omdat Ek Ar aan die seuns van Lot as 'n besitting gegee het.' ^{Gen 19:37}
- 10 (Die Emiete het vroeër daar gebly, 'n volk groot en talryk en lank van gestalte soos die 'Anakiete.
- 11 Hulle word ook as reuse beskou, soos die 'Anakiete, maar die Mo'aviete het hulle Emiete genoem.

- 12 Die Horiete het vroeër in Se'ir gebly, maar die seuns van 'Esav het hulle onteien en hulle voor hulle uit vernietig en in hulle plek gaan bly, net soos Yisra'el gedoen het met die land van sy besitting, wat יְהוָה aan hulle gegee het.)
- 13 Staen nou op en trek oor die spruit Zered. Ons het dus oor die spruit Zered getrek.
- 14 Die tyd wat verbygegaan het vandat ons van Kadesh-Barnea af getrek het totdat ons oor die spruit Zered gegaan het, was agt en dertig jaar totdat die hele geslag van soldate uit die kamp dood is soos יְהוָה vir hulle gesweer het,
- 15 want die hand van יְהוָה was waarlik teen hulle om hulle uit die kamp te vernietig totdat hulle almal vergaan het.
- 16 So was dit, toe al die soldate volkome onder die volk uit weggesterf het,
- 17 het יְהוָה met my gepraat en gesê:
- 18 'Op hierdie dag trek jy oor die grens van Mo'av by Ar
- 19 en wanneer jy naby die seuns van 'Ammon kom, moenie vyandigheid teenoor hulle wys of in stryd met hulle gaan nie, want Ek sal niks van die seuns van 'Ammon se land vir jou as besitting gee nie omdat Ek dit aan die seuns van Lot as besitting gegee het. ^{Rigt 11:4,12,13}
- 20 (Dit word ook as 'n land van reuse beskou; reuse het vroeër daar gebly, maar die 'Ammoniete noem hulle Zamzumiete,
- 21 'n volk groot, talryk en lank van gestalte soos die 'Anakiete, maar יְהוָה het dié voor hulle uit vernietig en hulle het hul onteien en in hulle plek gaan bly,
- 22 net soos Hy vir die seuns van 'Esav gedoen het wat in Se'ir bly, toe Hy die Horiete voor hulle uit vernietig het, hulle dié onteien het en in hulle plek gaan bly het tot vandag toe
- 23 en die 'Aviete wat in die dorpies gebly het so ver as Gaza. Hulle het die Kaftoriete wat uit Kaftor afkomstig was, vernietig en in hulle plek gaan bly.)
- 24 Staen op, vertrek en gaan deur die Arnonvallei. Let op, Ek het Sigon, die koning van Heshbon, die Emoriet en sy land in jou hand gegee. Begin om dit in besit te neem en begeef jou in oorlog teen hom.
- 25 Op hierdie dag sal Ek begin om die angs en die vrees vir jou op die volke, onder al die hemele, se gesigte te sit, wat die tyding aangaande jou sal hoor en in angs en bewing oor jou sal wees.
- 26 Ek het boodskappers gestuur uit die wildernis van K'demot na Sigon, die koning van Heshbon, met woorde van vrede en gesê:
- 27 'Laat my deur jou land gaan; ek sal direk op die pad deurgaen; ek sal nie regs of links uitdraai nie.
- 28 Jy moet kos aan my verkoop vir geld sodat ek kan eet en vir my water gee vir geld sodat ek kan drink; laat my net te voet deurtrek,
- 29 soos die seuns van 'Esav wat in Se'ir bly en die Mo'aviete wat in 'Ar bly vir my gedoen het totdat ek deur die Yarden trek, in die land in wat יְהוָה, ons God, vir ons gee.'
- 30 Sigon, die koning van Heshbon, wou ons egter nie laat deurtrek nie, want יְהוָה, julle God, het sy gees hardkoppig gemaak en sy wil, emosie en verstand verhard sodat Hy hom in julle hand kon oorgee, soos dit vandag is.

- 31 יהוה het vir my gesê: 'Let op, Ek het begin om Sigon en sy land aan jou oor te gee. Begin om dit in te neem sodat jy sy land kan besit.'
- 32 Sigon en al sy mense het teen ons uitgetrek, om by Yahatz te veg.
- 33 יהוה, ons God, het hom aan ons oorgegee sodat ons hom, sy seuns en al sy mense verslaan het.
- 34 Ons het in dié tyd al sy stede ingeneem en al sy manne, vroue en kinders totaal vernietig in elke stad; ons het niemand laat oorbly nie.
- 35 Ons het net die vee vir onself as buit gevat en die buit van die stede wat ons ingeneem het.
- 36 Vanaf `Aro'er, wat op die kant van die Arnonvallei lê en vanaf die stad in die vallei, tot by Gil'ad, was daar nie een stad te sterk vir ons nie; יהוה, ons God, het alles aan ons oorgegee.
- 37 Alleenlik naby die land van die seuns van `Ammon het ons nie gekom nie; al langs die Yabbokrivier en die stede van die bergland en oral waar יהוה, ons God, ons beveel het.
- 3** 1 Daarna het ons weggedraai en op die pad na Bashan opgetrek en `Og, die koning van Bashan, het teen ons uitgekom, hy en al sy mense, om by Edre'i te veg.
- 2 יהוה het vir my gesê: "Moenie vir hom bang wees nie, want Ek het hom, al sy mense en sy land in jou hand gegee. Jy sal met hom doen soos jy gedoen het met Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het."
- 3 So het יהוה, ons God, ook vir `Og, die koning van Bashan en al sy mense in ons hand oorgegee sodat ons hom verslaan het totdat daar van hom geen oorlewendes oor was nie.
- 4 Ons het in dié tyd al sy stede ingeneem; daar was geen stad wat ons nie van hulle afgeneem het nie: sestig stede, die hele Argov landstreek, die koninkryk van `Og, in Bashan.
- 5 Al hierdie stede was versterk met hoë mure, poorte en grendels en nog 'n groot menigte ongemuurde dorpie.
- 6 Ons het hulle volledig vernietig soos ons met Sigon, die koning van Heshbon, gedoen het, deur elke man, vrou en kind in elke stad geheel en al te vernietig
- 7 en al die vee en die buit van die stede het ons vir onself gebuit.
- 8 So het ons in dié tyd die land uit die hand van die twee konings van die Emoriete oorkant die Yarden gevat, vanaf die Arnonrivier tot by die berg Hermon,
- 9 (die Tzidoniete noem Hermon, Siryon en die Emoriete noem dit S'nir,)
- 10 al die stede van die vlakte, die hele Gil'ad, die hele Bashan tot by Salkhah en Edre'i, stede van die koninkryk van `Og, in Bashan.
- 11 (Net `Og, die koning van Bashan, het alleen oorgebly van die reuse. Let op, sy bedkatel was 'n ysterbedkatel. Is dit nie in Rabbah van die seuns van `Ammon nie? Sy lengte is nege el en sy breedte vier el, volgens die el van 'n man.)
- 12 Ons het besit geneem van hierdie land, in dié tyd: vanaf `Aro'er, by die Arnonvallei en die helfte van die bergland van Gil'ad met sy stede, wat ek aan die Re'uveniete en die Gadiete gegee het.

- 13 Die res van Gil'ad saam met die hele Bashan, die koninkryk van 'Og, het ek vir die halwe stam van Ma'nasheh gegee. Die hele Argov landstreek, met die hele Bashan, word die land van die reuse genoem.
- 14 Ya'ir, die seun van M'nasheh, het die hele Argov landstreek tot by die grens van die G'shuriete en die Ma'akhatiete gevat en Bashan, na sy eie naam, Havot-Ya'ir, genoem tot vandag toe.
- 15 Ek het Gil'ad vir Makhir gegee
- 16 en aan die Re'uveniete en die Gadiete het ek van Gil'ad af tot by die Arnonvallei gegee, met die middel van die vallei as grens, tot by die Yabbokrivier, die grens van die seuns van 'Ammon,
- 17 asook die vlakte, met die Yarden as grens, van Kinneret af tot by die See van die vlakte, die Soutsee, by die voet van die hange van Pisgah, in die ooste.
- 18 Toe het ek julle bevel gegee in daardie tyd en gesê: 'יהוה', julle God, het aan julle hierdie land gegee, om dit in besit te neem; al die manne wat kan oorlog maak moet gewapend voor jul broers, die seuns van Yisra'el, oortrek,
- 19 maar julle vroue, julle kinders en julle vee; ek weet dat julle baie vee het; moet in julle stede bly, wat ek vir julle gegee het
- 20 totdat יהוה aan julle broers rus gegee het, soos aan julle en hulle ook die land besit wat יהוה, julle God, aan hulle oorkant die Yarden gee; dan kan elkeen van julle teruggaan na sy besitting wat ek vir julle gegee het.'
- 21 Ek het ook vir Y'hoshua in dié tyd beveel en gesê: 'Jou oë het alles gesien wat יהוה, julle God, aan hierdie twee konings gedoen het. So sal יהוה aan al die koninkryke doen waardeur jy trek.
- 22 Julle moenie vir hulle bang wees nie, want יהוה, julle God, baklei self vir julle.'
- 23 Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê:
- 24 'O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen?
- 25 Ek bid, laat my asseblief oortrek en die mooi land sien, wat oorkant die Yarden lê, daardie goeie bergland en L'vanon,'
- 26 maar יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en wou nie na my luister nie. יהוה het vir my gesê: 'Genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie.
- 27 Klim op na die top van Pisgah en slaan jou oë op na die weste, na die noorde, na die suide en na die ooste en neem dit waar met jou oë, want jy sal nie oor hierdie Yarden gaan nie,
- 28 maar stel Y'hoshua aan, bemoedig en versterk hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek en hy sal hulle die land wat jy sal sien, as erfenis gee.
- 29 So het ons gebly in die vallei oorkant Beit-P'or.
- 4** 1 Luister nou, Yisra'el, na die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek julle leer om te doen sodat julle mag lewe en ingaan en die land wat יהוה, die God van julle vaders, aan julle gee, in besit neem.
- 2 Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, ^{Spr 30:6; Mat 5:17-19} wat ek julle beveel.

- 3 Julle oë het gesien wat יהוה in die geval van Ba'al-P'or gedoen het, want יהוה, jou God, het al die manne wat agter Ba'al-P'or aangeloop het, onder julle uit vernietig,
- 4 maar julle wat aan יהוה, julle God, vasgehou het, lewe vandag nog almal.
- 5 Let op, ek het vir julle voorskrifte en regverdige oordele geleer, net soos יהוה, my God, my beveel het, vir julle om so te doen in die land waarheen julle gaan, om dit te besit.
- 6 Bewaar en doen hulle, want dit is julle wysheid en julle begrip voor die oë van die mense wat al hierdie voorskrifte sal hoor en sê: "Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en begripvolle volk,'
- 7 want watter groot nasie is daar wie se god so naby aan hulle is soos יהוה, ons God, aan ons is, wanneer ons ook al na Hom roep? ^{Yir 23:23}
- 8 Watter groot nasie is daar wat sulke voorskrifte en regverdige wette het soos hierdie hele wet wat ek vandag voor julle hou?
- 9 Nogtans, let op na jouself en hou jou lewe ywerig sodat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie en dat hulle nie uit jou verstand weggaan al die dae van jou lewe nie en maak hulle bekend aan jou kinders en jou kleinkinders.
- 10 Onthou die dag toe jy voor יהוה, jou God, by Horev gestaan het en יהוה vir my gesê het: 'Vergader die volk by My sodat Ek hulle My boodskappe kan laat hoor sodat hulle kan leer om My respekvol te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe en hulle hul kinders kan leer.'
- 11 Julle het nader gekom en by die voet van die berg gaan staan en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemele, met duisternis, wolke en dik somberheid
- 12 en יהוה het met julle vanuit die middel van die vuur gepraat; julle het die klank van die woorde gehoor, maar geen vorm gesien nie, net 'n Stem.
- 13 Hy het vir julle Sy verbond aangekondig, wat Hy julle beveel het om te doen, dit is, die tien opdragte en dit op twee kliptafels geskryf.
- 14 יהוה het my in daardie tyd beveel om vir julle voorskrifte en regverdige oordele te leer sodat julle dit kan doen in die land waarin julle oortrek, om dit te besit.
- 15 Pas jouself versigtig op, want julle het géén vorm gesien op die dag dat יהוה by Horev vanuit die vuur met julle gepraat het nie
- 16 sodat julle nie korrup optree en vir julle 'n gekerfde beeld maak in die vorm van enige afbeelding, man of vrou,
- 17 die afbeelding van enige dier op die aarde, of die afbeelding van enige voël wat in die lug vlieg,
- 18 'n afbeelding van enigiets wat op die aarde kruip, 'n afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is, nie
- 19 en pas op dat jy nie jou oë na die hemele opslaan en as jy die son, die maan, die sterre en die hele leër van die hemel sien, jy nie weggedryf word en voor hulle neerbuig en hulle dien nie, dinge wat יהוה, jou God, aan al die mense onder die ganse hemele toegedeel het.
- 20 יהוה het julle gevat en julle uitgehaal uit die yster-smeltoond, uit Mitzrayim, om 'n volk te wees, as Sy eie besitting, soos dit vandag is.

- 21 Nou, יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en Hy het gesweer dat ek nie oor die Yarden sal gaan en nie sal kom in die goeie land wat יהוה, julle God, jul as erfenis gee nie,
- 22 want ek sal in hierdie land sterf, ek sal nie oor die Yarden gaan nie, maar julle sal oorgaan en hierdie goeie land in besit neem.
- 23 Pas julleself op sodat julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet nie en vir julle 'n gekerfde beeld maak in die vorm van enigiets wat יהוה, jou God, jou verbied het,
- 24 want יהוה, jou God, is 'n verterende vuur, ^{Heb 12:29} 'n jaloerse God.
- 25 Wanneer jy die vader word van kinders en kleinkinders en julle lank in die land bly en korrup optree en julle 'n afgod maak in die vorm van enigiets en enige iets gedoen het wat boos is in die oë van יהוה, jou God, om Hom kwaad te maak,
- 26 dan roep ek die hemele en die aarde vandag as getuies teen julle dat julle sekerlik gou vernietig sal word uit die land, waarheen julle oor die Yarden trek, om dit in besit te neem. Julle sal nie lank daarop lewe nie, maar sal vernietig word tot uitwissing.
- 27 יהוה sal julle onder die volke verstrooi en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen יהוה julle sal uitdryf ^{Rom 11:5}
- 28 en daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip, wat nie sien, hoor, eet of ruik nie.
- 29 Van daar af sal jy יהוה, jou God, soek en jy sal Hom vind as jy Hom met jou hele wil, emosie en verstand en jou hele gees en lewe soek. ^{Yir 29:13; 1 Kro 28:9}
- 30 Wanneer jy in nood is en al hierdie dinge oor jou kom, sal jy aan die einde van die dae na יהוה, jou God, terugkeer en na Sy stem luister,
- 31 want יהוה, jou God, is 'n Magtige God wat omgee; Hy sal jou nie in die steek laat, ^{Deut 31:6; Heb 13:5} jou nie vernietig nie en Hy sal die verbond met jou vaders, wat Hy aan hulle gesweer het, nie vergeet nie.
- 32 Inderdaad, doen nou navraag oor die vroeëre dae wat voor jou was, van die dag af dat God die mens op die aarde geskep het en vra van die een einde van die hemele tot by die ander, of iets so groots gebeur het of iets soortgelyks gehoor is.
- 33 Het enige volk ooit die stem van God vanuit vuur hoor praat, soos jy gehoor het en bly lewe het?
- 34 Of het 'n god ooit probeer om vir hom 'n nasie uit 'n ander nasie te gaan vat deur toetsinge, tekens, wonders, deur oorlog, deur 'n magtige hand en 'n uitgestrekte arm en deur groot verskrikkinge, soos wat יהוה, julle God, vir julle, voor julle oë, in Mitzrayim gedoen het?
- 35 Dit is vir jou gewys sodat jy kan weet dat יהוה God is; daar is geen ander buiten Hom nie.
- 36 Uit die hemele het Hy jou Sy stem laat hoor om jou te onderrig en op die aarde het Hy jou Sy groot vuur laat sien en jy het Sy boodskappe vanuit die vuur gehoor
- 37 en omdat Hy julle vaders liefgehad het, het Hy hulle saad na hulle gekies en Hy Persoonlik het julle met Sy magtige krag uit Mitzrayim uitgebring,
- 38 om nasies groter en magtiger as jyself voor jou uit te verdryf, jou in te bring en hulle land aan jou as erfenis te gee, soos dit vandag is.

- 39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. ^{Deut 6:4}
- 40 Jy sal daarom Sy voorskrifte en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”
- 41 Toe het Mosheh drie stede afgesonder aan die oostekant van die Yarden
- 42 sodat hy wat manslag begaan het, daarheen kon vlug, wat sy naaste sonder opset doodgeslaan het terwyl hy in vroeëre tye nie teenoor hom vyandig was nie sodat hy na een van hierdie stede kan vlug en bly lewe.
- 43 Betzer, in die wildernis, op die plato, vir die Re’uveniete; Ramot in Gil’ad vir die Gadiete en Golan in Bashan vir die M’nashiete.
- 44 Nou hierdie is die wet wat Mosheh voor die seuns van Yisra’el gehou het.
- 45 Hierdie is die getuienisse, die voorskrifte en die regverdige oordele wat Mosheh vir die seuns van Yisra’el meegedeel het na hulle uittog uit Mitzrayim,
- 46 oorkant die Yarden, in die vallei oorkant Beit-P’or, in die land van Sigon, die koning van die Emorie, wat in Heshbon gebly het, wat deur Mosheh en die seuns van Yisra’el verslaan is, toe hulle uit Mitzrayim gekom het
- 47 en hulle het sy land in besit geneem en die land van `Og, die koning van Bashan; die twee konings van die Emorie, wat oorkant die Yarden was, aan die oostekant;
- 48 van `Aro’er af, wat op die kant van die Arnonvallei lê, tot by die berg Siryon, dit is Hermon
- 49 en die hele vlakte oos van die Yarden, na die ooste, tot by die See van die Vlakte (Arabah), aan die voet van die hange van Pisgah.
- 5** 1 Mosheh het die hele Yisra’el laat roep en vir hulle gesê: “Luister, Yisra’el, na die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek vandag voor julle ore uitspreek sodat julle dit moet leer en dit sorgvuldig moet doen.
- 2 יהוה, ons God, het by Horev met ons ’n verbond gesluit.
- 3 יהוה het nie hierdie verbond met ons vaders gesluit nie, maar met ons, met almal van ons wat vandag hier lewe.
- 4 יהוה het van oog tot oog op die berg, vanuit die vuur, met julle gepraat.
- 5 In dié tyd het ek tussen יהוה en julle gestaan om aan julle die boodskap van יהוה bekend te maak, want julle was bang as gevolg van die vuur en het nie op die berg opgegaan nie. Hy het gesê:
- 6 ‘Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
- 7 Jy mag geen ander gode in My Teenwoordigheid hê nie.
- 8 Jy mag vir jou geen afgod of enige afbeelding maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
- 9 Jy mag jou nie voor hulle neerbuig of hulle dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is ’n jaloorse, Magtige God wat die oortredinge van die vaders die kinders laat beïnvloed tot by die derde en die vierde geslag van dié wat My haat,
- 10 maar wat liefdevol omgee vir duisende: dié wat My lief het en My opdragte uitvoer.

- 11 Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יְהוָה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
- 12 Onderhou die Shabbatdag, deur dit af te sonder ^{Heb 4:9} soos יְהוָה, jou God, jou beveel het.
- 13 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,
- 14 maar die sewende dag is 'n Shabbat van יְהוָה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou donkie of enige van jou beeste, of die besoeker wat by jou bly nie sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus saam met jou.
- 15 Onthou dat jy in die land van Mitzrayim 'n slaaf was en dat יְהוָה, jou God, jou daarvandaan uitgelei het deur 'n magtige hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het יְהוָה, jou God, jou beveel om die Shabbatdag te hou.
- 16 Eer jou vader en jou moeder soos יְהוָה, jou God, jou beveel het sodat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat יְהוָה, jou God, aan jou gee. ^{Mar 7:10; Efe 6:1-3}
- 17 Jy mag nie moord pleeg nie.
- 18 Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
- 19 Jy mag nie steel nie.
- 20 Jy mag nie vals getuienis teen jou naaste bring nie.
- 21 Jy mag jou nie verlustig in jou naaste se vrou nie en jy mag nie jou naaste se huis begeer nie, nie sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of enige iets wat aan jou naaste behoort nie.'
- 22 Hierdie woorde het יְהוָה tot julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die dik duisternis met 'n groot stem gepraat en Hy het niks verder bygevoeg nie. Hy het dit op twee kliptafels geskryf en dit vir my gegee.
- 23 Toe julle die stem uit die duisternis hoor terwyl die berg met vuur brand, het julle na my toe gekom, al die hoofde van julle stamme en julle oudstes
- 24 en gesê: 'Let op, יְהוָה, ons Magtige God, het ons Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en Sy Grootheid laat sien en ons het Sy stem uit die vuur gehoor. Vandag het ons gesien dat God met die mens praat en tog lewe hy nog.
- 25 Waarom moet ons nou sterf? Want hierdie groot vuur sal ons verteer. As ons die stem van יְהוָה, ons God, nog langer hoor, sal ons sterf,
- 26 want wie is daar van alle vlees wat die stem van die lewende God uit die vuur hoor praat het soos ons en steeds lewe?
- 27 Gaan ú nader en luister na alles wat יְהוָה, ons God, sal sê; sê u dan alles vir ons wat יְהוָה, ons God, vir u sal sê en ons sal luister en dit doen.'
- 28 יְהוָה het die klank van julle woorde gehoor toe julle met my gepraat het en יְהוָה sê vir my: 'Ek het die klank van die woorde van hierdie volk, wat hulle met jou gepraat het, gehoor; dit is alles goed wat hulle gesê het.
- 29 Ag, as hulle so 'n wil, emosie en verstand in hulle gehad het om My respektvol te vrees en al My opdragte altyd te doen sodat dit met hulle en hul seuns vir ewig goed kan gaan!
- 30 Gaan sê vir hulle: Gaan terug na julle tente toe,

- 31 maar jy, bly hier by My staan sodat Ek aan jou al die opdragte, die voorskrifte en die regverdige oordele wat jy hulle moet leer, kan meedeel sodat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle gee, om te besit. Gen 1:26,28; Eks 18:20; Yog 14:5,6,10; Efe 2:10; 4:12
- 32 Let op dat julle daarom doen net soos יהוה, julle God, julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie.
- 33 Julle moet loop op al die paaie wat יהוה, julle God, julle beveel het sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle jul dae kan verleng in die land wat julle sal besit.
- 6 1 Hierdie is die opdragte, die voorskrifte en die regverdige oordele wat יהוה, julle God, my beveel het om julle te leer sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek, om dit te besit
- 2 sodat jy יהוה, jou God, respekvol kan vrees om al Sy reëls en Sy opdragte, wat ek jou beveel, te doen, jy en jou kinders en jou kleinkinders, al die dae van jou lewe en dat jou dae verleng mag word.
- 3 O, Yisra'el, jy moet luister en wees versigtig om dit te doen sodat dit met jou goed mag gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos יהוה, die God van jou vaders, jou belooft het, in 'n land wat vloei met melk en heuning.
- 4 Hoor, luister en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is een. Deut 4:39; Spr 1:8
- 5 Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns. Deut 10:12; Mat 22:37; Mar 12:29,30; Luk 10:27; Rom 8:28
- 6 Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees.
- 7 Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer Rig 2:10 en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. 2 Tim 4:2
- 8 Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees. Eks 13:9,16; Open 13:16
- 9 Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf,
- 10 dan sal dit gebeur, wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land, wat Hy aan jou vaders, Avraham, Yitz'gag en Ya'akov met 'n eed belooft het dat Hy vir jou groot en mooi stede sal gee wat jy nie gebou het nie,
- 11 huise vol allerlei goed, wat jy nie vol gemaak het nie, uitgekapte putte, wat jy nie gegrawe het nie en wingerde en olyfbome, wat jy nie geplant het nie en jy sal eet en versadig wees,
- 12 wees dan versigtig dat jy יהוה nie vergeet, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgebring het nie.
- 13 Jy moet יהוה, jou God, respekvol vrees, Hom dien Deut 10:20; Mat 4:10; Luk 4:8 en by Sy Naam (Karakter en Outoriteit) moet jy sweer. Mat 5:33-37; Mat 23:16-22
- 14 Julle mag nie agter ander gode aan gaan; enige van die gode van die volke wat rondom julle is nie
- 15 sodat die woede van יהוה, julle God, nie teen julle brand en Hy julle van die aarde af vee nie, want יהוה, julle God, is 'n jaloerse, Magtige God tussen julle.
- 16 Julle mag יהוה, julle God, nie toets Mat 4:7; Luk 4:12 soos julle Hom by Massah getoets het nie.

- 17 Julle moet die opdragte van יהוה, julle God, Sy getuienisse en Sy voorskrifte wat Hy julle beveel het, ywerig onderhou.
- 18 Jy moet doen wat reg en goed is in die oë van יהוה sodat dit met jou goed mag gaan en jy kan ingaan en die goeie land kan besit wat יהוה aan jou vaders met 'n eed beloof het,
- 19 deur al jou vyande voor jou uit te dryf; soos יהוה gesê het.
- 20 Wanneer jou seun jou in die toekoms vra en sê: 'Wat beteken die getuienisse, die voorskrifte en die regverdige oordele wat יהוה, ons God, julle beveel het?',
- 21 dan moet jy aan jou seun sê: 'Ons was slawe van Farao in Mitzrayim en יהוה het ons deur 'n magtige hand uit Mitzrayim uitgebring.
- 22 יהוה het groot en ontstellende tekens en wonders voor ons oë, in Mitzrayim, aan Farao en sy hele huis gedoen.
- 23 Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, om aan ons die land te gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het.
- 24 יהוה het ons dus beveel om al hierdie voorskrifte na te kom, om יהוה, ons God, respekvol te vrees sodat dit met ons altyd goed mag gaan, vir ons oorlewing, soos dit vandag is.
- 25 Dit sal onpartydige opregtheid vir ons wees, as ons versigtig is om al hierdie opdragte te hou voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, net soos Hy ons beveel het.
- 7** 1 Wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land waarheen jy gaan, om dit te besit en Hy baie nasies voor jou uitgegooi het: die Hittiete, Girgashiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, sewe (7) nasies, groter en magtiger as jy ^{Hand 13:19}
- 2 en wanneer יהוה, jou God, hulle aan jou oorgegee het, sal jy hulle verslaan en hulle vernietig tot uitwissing; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle geen guns bewys nie
- 3 en jy mag nie met hulle trou nie; jy mag nie jou dogter gee aan sy seun en nie sy dogter vat vir jou seun nie, ^{Ezra 9:12}
- 4 want hulle sal jou seuns van My af laat wegdraai om ander gode te dien en die woede van יהוה sal teen julle brand en jou vinnig vernietig,
- 5 maar julle moet hulle so behandel: julle moet hulle altare omgooi, hulle pilare stukkend breek en hulle Astarte beelde omkap en hulle gekerfde beelde met vuur verbrand,
- 6 want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God; יהוה, jou God, het jou vanuit al die volke wat op die aarde is, gekies om 'n volk vir Sy eie besit te wees.
- 7 יהוה het nie Sy liefde op julle gesit of julle gekies omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die minste van al die volke,
- 8 maar omdat יהוה julle lief het en die eed gehou het wat Hy tot julle vaders gesweer het, het יהוה julle met 'n sterk hand uitgelei en julle bevry uit die huis van slawerny, uit die hand van Farao, die koning van Mitzrayim.
- 9 Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam, ^{Ps 103:18; Yog 14:15; 15:14}

- 10 maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal.
- 11 Jy moet daarom die opdragte, die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek jou vandag beveel, doen.
- 12 Dan sal dit gebeur omdat jy hierdie regverdige oordele gehoorsaam, hou en doen dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het
- 13 en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig; Hy sal ook die vrug van jou baarmoeder en die vrug van jou land seën, jou graan, jou nuwe wyn en jou olie, die aanteel van jou beeste en die vermeerdering van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders gesweer het om vir jou te gee.
- 14 Jy sal meer geseënd wees as al die volke; daar sal tussen jou geen man of vrou steriel of onvrugbaar wees nie; nie onder jou of onder jou vee nie.
- 15 יהוה sal elke siekte van jou af wegvat en jou nie aantas met enige van al die skadelike siektes van Mitzrayim wat jy geken het nie, maar sal dit laat kom op almal wat jou haat.
- 16 Jy moet al die volke wat יהוה, jou God, aan jou oorgee, vernietig. Jou oog mag hulle nie jammer kry nie en jy mag nie hulle gode dien nie, want dit sal vir jou 'n valstrik wees.
- 17 As jy in jou hart sou dink: 'Hierdie nasies is groter as ek, hoe kan ek hulle onteien?'
- 18 Moenie vir hulle bang wees nie, maar jy moet onthou wat יהוה, jou God, aan Farao en die hele Mitzrayim gedoen het,
- 19 die groot toetsinge wat jou oë gesien het, die tekens en die wonders en die magtige hand en die uitgestrekte arm waardeur יהוה, jou God, jou uitbring het. So sal יהוה, jou God, aan al die volke doen waarvoor jy bang is.
- 20 יהוה, jou God, sal verder ook die perdebye teen hulle stuur totdat hulle wat oorgebly het en wat vir jou wegkruip, sterf.
- 21 Jy moenie vir hulle bang wees nie, want יהוה, jou God, die groot en gevreesde, Magtige God, is by jou.
- 22 יהוה, jou God, sal hierdie nasies stukkie vir stukkie voor jou uit verjaag; jy sal nie in staat wees om hulle almal vinnig te vernietig nie, want die wilde diere sal te veel word vir jou,
- 23 maar יהוה, jou God, sal hulle aan jou oorgee en sal hulle oorwin met groot verwarring totdat hulle uitgewis is.
- 24 Hy sal ook hulle konings in jou hand oorgee en jy sal hulle naam onder die hemel laat verdwyn. Geen man sal teen jou kan staan totdat jy hulle vernietig het nie.
- 25 Jy moet die gekerfde beelde van hulle gode met vuur verbrand; die silwer en die goud wat daaraan is, mag jy nie begeer of vir jou vat nie sodat jy nie daardeur verstriek raak nie, want dit is verwerplik vir יהוה, jou God.
- 26 Jy mag ook geen verwerplike ding in jou huis inbring nie sodat jy nie saam met dit totaal vernietig word nie. Jy moet dit ten diepste verafsku en dit geheel en al haat, want dit is iets wat verban is.

- 8 1 Al die opdragte, wat ek jou vandag beveel, moet julle versigtig wees om te doen sodat julle mag lewe, vermenigvuldig en dat julle mag ingaan en die land in besit neem, wat יְהוָה aan julle vaders met 'n eed beloof het.
- 2 Jy moet die hele pad onthou waarop יְהוָה, jou God, jou, vir hierdie veertig jaar in die wildernis gelei het, om jou nederig te maak en jou te toets, om te weet wat in jou wil, emosie en verstand is, of jy Sy opdragte sal hou of nie.
- 3 Hy het jou nederig gemaak, toegelaat dat jy honger ly en jou 'man hu' gegee om te eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om julle te laat verstaan dat die mens nie van brood alleen leef nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van יְהוָה af uitgaan. ^{Am 8:11; Mat 4:4; Luk 4:4; Yog 6:48-51; 7:37}
- 4 Vir veertig jaar lank het jou klere nie aan jou verslyt en jou voet nie geswel nie.
- 5 Dus moes jy in jou verstand, wil en emosie geweet het dat יְהוָה, jou God, jou gedissiplineer het net soos 'n man sy seun dissiplineer; ^{Heb 12:5-11}
- 6 daarom moet jy die opdragte van יְהוָה, jou God, hou om op Sy paaie te loop en Hom met respek te vrees,
- 7 want יְהוָה, jou God, bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en diep water, wat uitvloei in valleie en heuwels;
- 8 'n land van koring, gars, wingerdstokke, vyeboom en granate; 'n land van olyfolie en heuning;
- 9 'n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin jy niks sal kortkom nie; 'n land waarvan die klippe yster is en uit wie se berge jy koper kan grawe.
- 10 Wanneer jy geëet het en versadig is, dan sal jy יְהוָה, jou God, loof vir die goeie land wat Hy vir jou gegee het.
- 11 Wees versigtig dat jy יְהוָה, jou God, nie vergeet deur Sy opdragte, Sy regverdige oordele en Sy reëls wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie ^{Mat 24:12}
- 12 sodat jy nie miskien, wanneer jy geëet het en versadig is en mooi huise gebou het en daarin bly,
- 13 wanneer jou beeste, jou kleinvee, jou silwer, jou goud en alles wat jy het, vermeerder het,
- 14 dat jou denke, wil en emosie trots word en dat jy יְהוָה, jou God, vergeet wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het,
- 15 wat jou deur die groot en verskriklike wildernis gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water; wat vir jou water uit die harde rots laat kom het;
- 16 wat jou in die wildernis met 'man hu', wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen
- 17 en jy in jou verstand, wil en emosie dink: 'My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verkry,' nie, maar
- 18 onthou יְהוָה, jou God, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is. ^{Yir 9:22,23; Hos 12:9; Open 3:17}

- 19 Dit sal wees dat as jy ooit יהוה, jou God, sal vergeet en agter ander gode aanloop, hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek teen julle op hierdie dag dat julle vernietig sal word tot uitwissing,
- 20 soos die nasies wat יהוה voor julle uit vernietig, so sal julle omkom omdat julle nie na die stem van יהוה, julle God, geluister en dit gedoen het nie.
- 9 1 Luister, Yisra'el, jy trek vandag deur die Yarden om nasies te onteien wat groter en sterker is as jy, stede wat groot is en tot by die hemel versterk is,
- 2 'n groot volk, wat lank is, die seuns van die 'Anakiete, wat jy ken en van wie jy gehoor sê het: 'Wie kan staan voor die seuns van 'Anak?'
- 3 Weet daarom vandag dat יהוה, jou God, die Een is wat voor jou uittrek soos 'n verterende vuur. ^{Heb 12:29} Hy sal hulle vernietig en hulle voor jou onderwerp sodat jy hulle mag uitdryf en hulle vinnig vernietig, net soos יהוה vir jou gesê het.
- 4 Nadat יהוה, jou God, hulle voor jou uitgedryf het, moet dan nie in jou gedagtes sê: 'יהוה het my ter wille van my onpartydige opregtheid ingebring om hierdie land te besit nie,' maar dit is weens die boosheid van hierdie nasies dat יהוה hulle voor jou onteien.
- 5 Nie ter wille van jou onpartydige opregtheid of die opregtheid van jou wil, emosie en verstand kom jy in om hulle land te besit nie, maar weens die boosheid van hierdie nasies dat יהוה, jou God, hulle voor jou uit verdryf om sodoende die eed te vervul wat יהוה tot jou vaders, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov, gesweer het. ^{Gen 15:16}
- 6 Verstaan daarom dat יהוה, jou God, nie ter wille van jou onpartydige opregtheid vir jou hierdie goeie land gee om te besit nie, want jy is 'n hardnekkige volk.
- 7 Onthou en moenie vergeet hoe jy יהוה, jou God, in die wildernis uitgetart het tot woede nie. Vanaf die dag dat jy die land van Mitzrayim verlaat het totdat julle by hierdie plek gekom het, was julle rebels teen יהוה.
- 8 Selfs by Horev het julle יהוה uitgetart tot woede sodat יהוה so kwaad was vir julle dat Hy julle sou vernietig het.
- 9 Toe ek op die berg geklim het om die kliptafels te ontvang, die tafels van die verbond, wat יהוה met julle gesluit het, het ek veertig dae en veertig nagte lank op die berg gebly. Ek het geen brood geëet of water gedrink nie
- 10 en יהוה het vir my die twee kliptafels gegee wat geskryf is met die vinger van God en waarop al die woorde was, wat יהוה op die berg, uit die vuur, met julle gepraat het, op die dag van die bymekaarkoms.
- 11 Aan die einde van veertig dae en veertig nagte het יהוה vir my die twee kliptafels gegee, die tafels van die verbond
- 12 en יהוה het vir my gesê: 'Staan op, klim vinnig hiervandaan af, want jou volk wat jy uit Mitzrayim uitgelei het, het korrup opgetree; hulle het vinnig afgewyk van die pad wat Ek hulle beveel het; hulle het vir hulle 'n gegote beeld gemaak.'
- 13 Verder het יהוה met my gepraat en gesê: 'Ek het hierdie volk gesien en let op, hulle is 'n hardnekkige volk.
- 14 Laat My staan dat Ek hulle kan vernietig en hulle naam van onder die hemel uitvee en Ek sal van jou 'n nasie maak wat magtiger en meer is as hulle.'

- 15 Ek het omgedraai en van die berg afgeklim terwyl die berg met vuur brand en die twee tafels van die verbond was in my twee hande
- 16 en ek het gesien dat julle inderdaad gesondig het teen יהוה, julle God en vir julle 'n gegote kalf gemaak het. Julle het vinnig afgewyk van die pad wat יהוה julle beveel het.
- 17 Ek het die twee tafels gegryp en dit uit my twee hande gegooi en dit voor julle oë gebreek.
- 18 Ek het voor die Teenwoordigheid van יהוה neergeval, soos die eerste keer, veertig dae en veertig nagte lank het ek geen brood geëet of water gedrink nie, vanweë al julle sonde wat julle gesondig het deur te doen wat boos is in die oë van יהוה en Hom tot woede uit te tart,
- 19 want ek was bang vir die woede en die toorn waarmee יהוה vir julle kwaad was, om julle te vernietig, maar יהוה het dié keer ook na my geluister.
- 20 יהוה was ook kwaad genoeg vir Aharon sodat Hy hom wou vernietig, maar ek het ook vir Aharon in dieselfde tyd gebid.
- 21 Ek het julle sonde, die kalf wat julle gemaak het, gevat en dit met vuur verbrand, dit stukkend gestamp en fyn gemaal totdat dit so fyn soos stof was en dié stof het ek in die stroom gegooi, wat van die berg afkom. ^{Eks 32:21-35}
- 22 Wéér by Tav'erah, by Massah en by Kivrot-HaTa'avah het julle יהוה uitgetart tot woede.
- 23 Toe יהוה julle uit Kadesh-Barnea gestuur het met die woorde: 'Trek op en neem die land in besit, wat Ek vir julle gegee het,' het julle gerebelleer teen die opdrag van יהוה, julle God en het julle Hom ook nie vertrou of ook nie na Sy stem geluister en dit gedoen nie.
- 24 Julle was rebels teen יהוה van die dag af dat ek julle ken.
- 25 Dus het ek met my gesig op die grond neergeval voor die Teenwoordigheid van יהוה, vir veertig dae en veertig nagte omdat יהוה gesê het dat Hy julle wou uitwis.
- 26 Ek het daarom tot יהוה gebid en gesê: 'O Meester, יהוה, moenie U volk, U erfenis wat U deur U grootheid losgekoop het, wat U uit Mitzrayim uitgelei het, deur 'n magtige hand, vernietig nie.
- 27 Onthou U diensknegte, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov; kyk nie na die hardkoppigheid van hierdie volk of na hulle boosheid of hulle sonde nie
- 28 sodat die land waaruit U ons gelei het, nie kan sê: 'Omdat יהוה nie in staat was om hulle in die land wat Hy hulle beloof het in te bring nie en omdat Hy hulle haat, het Hy hulle uitgelei om hulle in die wildernis dood te maak,' nie.
- 29 Nogtans is hulle U volk en U erfenis wat U deur U groot krag en U uitgestrekte arm uitgelei het.
- 10** 1 In dié tyd het יהוה vir my gesê: 'Beitel vir jou twee kliptafels soos die eerstes, maak vir jou 'n ark van hout en klim op met die berg na My toe.
- 2 Ek sal die woorde op die tafels graveer wat op die eerste tafels was, wat jy gebreek het en jy moet dit in die ark sit.'
- 3 Ek het 'n ark van akasiahout gemaak en twee kliptafels soos die eerstes gebeitel en op die berg opgeklim met die twee tafels in my hand.

- 4 Hy het op die tafels, volgens die eerste skrif, tien van die woorde gegraveer wat יהוה op die dag van die byeenkoms, by die berg, vanuit die vuur met julle gepraat het en יהוה het dit vir my gegee.
- 5 Ek het omgedraai, van die berg afgeklim en die tafels in die ark gesit wat ek gemaak het en hulle is daar, soos יהוה my beveel het.
- 6 {Die seuns van Yisra'el het van die putte van B'nei-Ya'akan weggetrek na Moserah toe, waar Aharon gesterf het en begrawe is en El'azar, sy seun, het as priester in sy plek gedien.
- 7 Daarvandaan het hulle weggetrek na Gudgod en van Gudgod na Yotvatah, 'n land van waterstrome.}
- 8 In daardie tyd het יהוה die stam van Levi afgesonder om die ark van die verbond van יהוה te dra, om voor die Teenwoordigheid van יהוה in Sy diens te staan en in Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te seën tot vandag toe;
- 9 daarom het Levi geen deel of erfenis saam met sy broers nie; יהוה is sy Erfenis, net soos יהוה, jou God, met hom gepraat het. ^{Yeg 44:28}
- 10 Net soos die vorige keer, het ek op die berg gebly vir veertig dae en veertig nagte en יהוה het my ook dié keer verhoor en יהוה het ingestem om julle nie te vernietig nie.
- 11 יהוה het vir my gesê: 'Staan op, gaan voort om voor die volk uit verder te trek dat hulle kan inkom en die land besit wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het om vir hulle te gee.'
- 12 Nou, Yisra'el, wat vra יהוה, jou God, van jou as net om יהוה, jou God, respekvol te vrees, in al Sy paaie te loop, Hom lief te hê en יהוה, jou God, te dien met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees en lewe
- 13 en om die opdragte van יהוה en Sy reëls wat ek jou vandag beveel, te hou tot jou beswil?
- 14 Let op, aan יהוה, jou God, behoort die hemel, asook die hoogste hemele, die aarde en alles wat daarin is,
- 15 tog het יהוה 'n genot in julle vaders gehad, om vir hulle lief te wees en Hy het hulle saad ná hulle gekies, julle, bo al die volke, soos dit vandag is.
- 16 Besny daarom die voorhuid van julle verstand, wil en emosie en wees nie meer hardnekkig nie, ^{Deut 30:6; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11}
- 17 want יהוה, julle God, is God van die gode en Meester van die meesters; die groot Magtige God, kragtig en gevrees, wat die persoon nie aansien en geen omkopery aanvaar nie; ^{1 Tim 6:15}
- 18 wat uitspraak gee aan die vaderlose en die weduwee en die vreemdeling lief het deur hom brood en klere te gee;
- 19 daarom, wys julle liefde vir die vreemdeling, want julle was vreemdelinge in die land van Mitrayim.
- 20 Jy moet יהוה, jou God, respekvol vrees, Hom moet jy dien en aan Hom moet jy vashou en by Sy Naam (Karakter en Outoriteit) sweer. ^{Deut 6:13; Mat 4:10; Luk 4:8}
- 21 Hy is jou Lofprysing en Hy is jou God, wat vir jou hierdie groot en vreesagtige dinge, wat jou oë gesien het, gedoen het.
- 22 Met sewentig mense het julle vaders na Mitrayim afgetrek en nou het יהוה, jou God, jou so veel soos die sterre van die hemel gemaak;

- 11** 1 daarom moet jy יהוה, jou God, liefhê en altyd Sy bevele, Sy reëls, Sy regverdige oordele en Sy opdragte uitvoer.
- 2 Weet vandag dat ek nie met julle seuns praat wat nie die dissipline van יהוה, julle God, geken en gesien het nie: Sy grootheid, Sy kragtige hand, Sy uitgestrekte arm,
- 3 Sy tekens en Sy daade wat Hy in Mitzrayim gedoen het aan Farao, die koning van Mitzrayim en aan sy hele land;
- 4 wat Hy gedoen het aan die leër van Mitzrayim, aan sy perde en aan sy strydwaens; hoe Hy die water van die Sufsee oor hulle laat stroom het terwyl hulle julle agtervolg het en יהוה hulle heeltemal vernietig het;
- 5 wat Hy vir julle in die wildernis gedoen het om te kom tot op hierdie plek;
- 6 wat Hy aan Datan en Aviram, die seuns van Eli'av, die seun van Re'uven, gedoen het: hoe die aarde sy mond oopgemaak en hulle saam met hul huisgesinne, hul tente en alles aan hulle voete, tussen die hele Yisra'el uit, ingesluk het,
- 7 maar julle eie oë het al die groot werke wat יהוה gedoen het, gesien;
- 8 daarom moet julle elke opdrag hou wat ek jul vandag beveel sodat julle sterk kan wees en ingaan en die land in besit neem waarheen julle oortrek, om dit in besit te neem
- 9 sodat julle jul dae kan verleng in die land wat יהוה aan julle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle en hul nageslag te gee, 'n land wat vloei met melk en heuning,
- 10 want die land waar jy ingaan om dit te besit, is nie soos die land van Mitzrayim waaruit julle gekom het nie, waar jy jou saad gesaai en per voet, soos in 'n groentetuin, natgelei het, nie,
- 11 maar die land waarheen julle oortrek, om dit te besit, is 'n land van heuwels en valleie wat van die reën van die hemel water drink;
- 12 'n land waarvoor יהוה, jou God, sorg; die oë van יהוה, jou God, is altyddeur daarop, van die begin van die jaar af tot die einde van die jaar toe.
- 13 Dit sal wees, as julle aandag gee om My opdragte, wat Ek julle vandag beveel, te gehoorsaam: om יהוה, julle God, lief te hê en Hom te dien met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe,
- 14 dan sal Ek die reën vir julle land gee in sy seisoene, vroeë reëns en laat reëns sodat jy jou koring en jou nuwe wyn en jou olie kan insamel. ^{Gen 8:22}
- 15 Ek sal gras gee op jou veld vir jou vee en jy sal eet en versadig wees.
- 16 Wees versigtig dat julle verstand, wil en emosie nie mislei word sodat julle wegdraai, ander gode dien en voor hulle neerbuig nie
- 17 en die woede van יהוה teen julle brand en Hy die hemel toesluit sodat daar geen reën is en die aarde geen opbrengs gee nie en julle gou vanuit die goeie land wat יהוה julle gee, omkom nie;
- 18 daarom moet julle hierdie woorde van My in julle verstand en in julle gees ingraveer en dit as 'n teken op julle hand vasbind en dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë laat wees.
- 19 Jy moet dit vir jou seuns leer, deur daaroor te praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan ^{Deut 6:7}

- 20 en skryf dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke
- 21 sodat julle dae en die dae van julle seuns vermenigvuldig kan word, in die land wat יהוה aan julle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee, solank as die hemele bo die aarde bly,
- 22 want as julle versigtig is om al hierdie opdragte te hou, wat Ek julle beveel om te doen: om יהוה, julle God, lief te hê, in al Sy paaie te loop en aan Hom vas te hou,
- 23 dan sal יהוה al hierdie nasies voor julle uit verdryf en julle sal nasies, wat groter en magtiger is as julleself, onteien.
- 24 Elke plek waar julle voetsool op trap, sal aan julle behoort; vanaf die wildernis tot by L'vanon, van die rivier, die Eufraatrivier, tot by die Westelike See sal julle grondgebied wees.
- 25 Geen man sal teen julle kan standhou nie; יהוה, julle God, sal die skrik en vrees vir julle oor die hele land, waarop julle sal loop, laat kom soos Hy julle beloof het.
- 26 Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor:
- 27 die seën as julle luister na en die opdragte van יהוה, julle God, wat ek julle vandag beveel, uitvoer
- 28 en die vloek as julle nie luister na die opdragte van יהוה, julle God en dit nie doen nie, maar wegdraai van die pad wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.
- 29 Dit sal gebeur, wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit te besit dat jy die seën op die berg G'rizim moet lê en die vloek op die berg 'Eival.
- 30 Lê hulle nie oorkant die Yarden, aan die westekant, by die sonsondergang, in die land van die Kena'aniete wat in die Vlakte (Aravah) woon, teenoor Gilgal, naby die eike van Moreh nie?
- 31 Julle is op die punt om oor die Yarden te trek om die land wat יהוה, julle God, aan julle gee in besit te gaan neem en julle sal dit besit en daarin woon.
- 32 Julle moet versigtig wees om al die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek julle vandag gee, na te kom. ^{2 Kro 7:14}
- 12** ¹ Hierdie is die voorskrifte en die regverdige oordele wat julle versigtig sal nakom in die land wat יהוה, die God van jou vaders, jou gee om te besit, solank as wat julle op die aarde lewe.
- 2 Julle moet al die plekke, waar die nasies wat deur julle onteien gaan word, hulle gode, op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom, gendien het, vernietig tot uitwissing.
- 3 Julle moet hulle altare afbreek, hulle klippilare verbreek, hulle afgesonderde boomstamme met vuur verbrand, die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam (karakter en outoriteit) uit daárdie plek uit vernietig.
- 4 Julle mag nie so optree teenoor יהוה, julle God, nie,
- 5 maar julle moet gereeld die plek opsoek wat יהוה, julle God, uit al julle stamme sal uitkies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en Sy plek om te woon en daarheen moet jy kom.

- 6 Daarheen moet julle jul brandoffers bring, julle offers, julle tiendes, die offer wat julle oplig met julle hand, julle gelofte offers, julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee.
- 7 Daar sal julle en jul huisgesinne voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God, eet en vol vreugde wees oor alles waaraan julle jul hand slaan, waarin יהוה, jou God, jou geseën het. ^{Ps 1:3}
- 8 Julle sal geensins doen wat ons vandag hier doen nie: elkeen doen net wat reg is in sy eie oë,
- 9 want julle het nog nie gekom by die rusplek en in die erfenis wat יהוה, jou God, jou gee nie,
- 10 maar wanneer julle deur die Yarden getrek het en bly in die land wat יהוה, julle God, julle gee om te erf en Hy julle rus sal gee van al julle vyande rondom sodat julle in veiligheid bly, ^{Heb 4:1-12}
- 11 dan sal die plek waar יהוה, julle God, sal uitkies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig, daar wees. Daarheen moet julle alles bring wat ek julle beveel: julle brandoffers, julle slagoffers, julle tiendes, die bydraes van julle hand en al julle spesiale offers wat julle aan יהוה as gelofte gee.
- 12 Julle moet julle verheug voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God, julle, julle seuns, julle dogters, julle slawe, julle slavinne en die Leviet, wat in julle poorte is, want hy het geen deel of erfenis saam met julle nie.
- 13 Wees versigtig dat jy nie jou brandoffers bring op elke kultiese plek wat jy sien nie,
- 14 maar op die plek wat יהוה in een van jou stamme sal kies, waar jy jou brandoffers moet offer en daar sal jy alles doen wat ek jou beveel.
- 15 Jy mag egter binne jou poorte slag en vleis eet, net soos jy begeer, volgens die seën wat יהוה, jou God, jou gegee het; die onreine en die reine mag daarvan eet, net soos van die rooibok (gasel) en die takbok.
- 16 Net die bloed mag julle nie eet nie; jy moet dit soos water op die grond uitgooi.
- 17 Jy mag nie binne jou poorte die tiendes van jou koring, jou nuwe wyn, jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee en enige van jou geloftes wat jy sal belowe, jou vrywillige offers en die bydrae van jou hand, eet nie,
- 18 maar jy moet dit eet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat יהוה, jou God, sal kies, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin en die Leviet wat in jou poorte is en jy moet vol vreugde wees voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, in al jou ondernemings.
- 19 Wees versigtig dat jy nie die Leviet in die steek laat, solank as jy in jou land lewe nie.
- 20 Wanneer יהוה, jou God, jou grondgebied vergroot, soos Hy jou belowe het en jy sê: 'Ek wil vleis eet' omdat jou liggaam begeer om vleis te eet, dan mag jy net soveel vleis eet as wat jou liggaam begeer.
- 21 As die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig, te ver van jou af is, dan mag jy van jou beeste en jou kleinvee slag wat יהוה jou gee, soos ek jou beveel het en jy mag in jou poorte eet soveel as jy begeer;

- 22 soos die rooibok en die takbok geëet word, so moet jy dit eet; die onreine en die reine mag daarvan eet.
- 23 Wees onveranderlik daarin dat jy nie die bloed eet nie, want die bloed is die lewe en jy mag die lewe nie saam met die vleis eet nie.
- 24 Jy mag dit nie eet nie; jy moet dit op die grond uitgooi soos water.
- 25 Jy mag dit nie eet nie sodat dit met jou en jou seuns ná jou goed kan gaan as jy doen wat reg is in die oë van יהוה.
- 26 Net die afgesonderde dinge wat jy het en jou geloftes moet jy vat na die plek wat יהוה sal kies Lev 17:3-7; Deut 15:23
- 27 en jy moet jou brandoffers, die vleis en die bloed, offer op die altaar van יהוה, jou God en die bloed van jou offers moet teen die altaar van יהוה, jou God, uitgegooi word, maar die vleis kan jy eet.
- 28 Let op en gehoorsaam al hierdie woorde wat ek jou beveel sodat dit met jou en jou seuns ná jou goed kan gaan, vir altyd, as jy doen wat goed en reg is in die oë van יהוה, jou God.
- 29 Wanneer יהוה, jou God, die nasies waarheen jy gaan, om hulle te onteien, voor jou afsny en jy hulle onteien het en in hulle land bly,
- 30 let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?' nie. Yir 10:2-4; Yeg 11:12
- 31 Jy mag dit nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode. Eks 23:24
- 32 Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie. Deut 4:2; Spr 30:6; Mat 5:17-19

- 13** 1 As 'n profeet of een wat drome droom tussen julle opstaan en julle 'n teken of 'n wonder gee
- 2 en die teken of wonder kom waar wat hy jou gegee het met die woorde: 'Laat ons agter ander gode aan loop, wat jy nie geken het nie en hulle dien,'
- 3 dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat drome droom nie, want יהוה, julle God, toets julle om te weet of julle יהוה, julle God, lief het met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe.
- 4 Julle moet יהוה, julle God, volg, Hom respektvol vrees, Sy opdragte uitvoer, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou.
- 5 Dié profeet of dié man wat drome droom, moet doodgemaak word, want hy het rebellie verkondig teen יהוה, julle God, wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop het, om jou van die pad af te verlei waarop יהוה, jou God, jou beveel het om te loop. So moet jy die boosheid uit jou midde verwyder. Deut 18:19-22
- 6 As jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of jou dogter of die vrou wat naby jou is, of jou vriend wat soos jou eie lewe is, jou in die geheim verlei en sê: 'Laat ons gaan en ander gode dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie,

- 7 uit die gode van die volke wat rondom julle is, naby jou of ver van jou af; van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde,'
- 8 dan moet jy nie inwillig en nie na hom luister nie; ook mag jou oog hom nie jammer kry nie en jy mag hom nie spaar en niks om sy ontwil wegsteek nie, ^{1 Kor 5:13}
- 9 maar jy moet hom tot die dood teregstel; jou hand moet eerste teen hom wees om hom dood te maak en daarna die hand van die hele volk.
- 10 Jy moet hom met klippe stenig sodat hy sterf, want hy het probeer om jou te verlei, weg van יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
- 11 So sal die hele Yisra'el dit hoor en bang wees en nie weer so 'n boosheid onder jou doen nie.
- 12 As jy iemand in een van jou stede, wat יהוה, jou God, vir jou gee om daarin te bly, hoor sê:
- 13 'Korrupte manne het vanuit jou uitgegaan en die inwoners van hulle stad verlei deur te sê: Laat ons gaan en ander gode dien, wat julle nie geken het nie,'
- 14 dan moet jy navraag doen, ondersoek instel en deeglik uitvra en as dit waar is en vasstaan dat hierdie verwerplikheid onder jou gedoen is,
- 15 dan moet jy die inwoners van dié stad sekerlik verslaan met die skerpte van die swaard deur dit alles uit te wis, alles wat daarin is, asook die vee, met die skerpte van die swaard.
- 16 Al sy buit moet jy op die stadsplein bymekaarbring en die stad en al die buit volledig met vuur verbrand as 'n volledige brandoffer voor יהוה, jou God. Dit sal vir ewig 'n puinhoop wees, dit mag nooit weer opgebou word nie.
- 17 Geen van die vervloekte goedere sal aan jou hand vassit nie sodat יהוה Hom van Sy brandende woede kan wegdraai en aan jou onverdiende guns bewys, vir jou omgee en jou vermenigvuldig, soos Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het,
- 18 as jy luister na die stem van יהוה, jou God, al Sy opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel en doen wat reg is in die oë van יהוה, jou God.
- 14** 1 Julle is seuns van יהוה, julle God; julle mag julle ter wille van 'n dooie nie stukkend sny of 'n kaalte op julle voorkoppe skeer nie, ^{Lev 19:27,28}
- 2 want julle is 'n afgesonderde volk tot יהוה, julle God en יהוה het julle gekies om 'n volk as Sy eie besitting te wees uit al die volke wat op die aarde is. ^{Ps 135:4; Tit 2:14}
- 3 Jy mag niks eet wat verwerplik is nie.
- 4 Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap, 'n bok,
- 5 'n takbok, 'n gasel, 'n gestippelde takbok, 'n wilde bok, 'n ibex, 'n wildsbok, 'n bergskaap
- 6 en al die diere wat gesplete hoewe het, heeltemal in twee gesplete hoewe en wat herkou onder die diere; dié mag julle eet.
- 7 Nogtans mag julle nie eet van die wat net herkou of wat net gesplete hoewe het nie: die kameel, die haas en die dassie, want hulle herkou, maar het nie gesplete hoewe nie; hulle is onrein vir julle;
- 8 die vark is ook vir julle onrein, want hy het gesplete hoewe, maar herkou nie; hy is onrein vir julle. Julle mag nie hulle vleis eet of hulle karkasse aanraak nie.

- 9 Hierdie mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het, mag julle eet,
- 10 maar wat ook al nie vinne en skubbe het nie, mag julle nie eet nie; dit is onrein vir julle.
- 11 Julle mag alle rein voëls eet,
- 12 maar hierdie mag julle nie eet nie: die arend, die aasvoël, die seevalk,
- 13 die kuikendief, die valk, die kleinvalk volgens sy soorte,
- 14 elke kraai volgens sy soorte,
- 15 die volstruis, die grootuil, die seemeeu, die valk volgens sy soorte,
- 16 die klein-uil, die steunuil en die nonnetjiesuil,
- 17 die pelikaan, die klein-aasvoël en die visvanger,
- 18 die groot-sprinkaanvoël, die reier volgens sy soorte, die hoep-hoep en die vlermuis.
- 19 Al die vlieënde swerms is vir julle onrein; hulle mag nie geëet word nie.
- 20 Julle mag al die rein voëls eet.
- 21 Julle mag niks eet wat self doodgegaan het nie; ^{Lev 11:40} jy mag dit vir die besoeker in jou poorte gee dat hy dit eet, of jy kan dit aan 'n buitelandse verkoop, want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God. Jy mag nie 'n bokkie kook in sy moeder se melk nie.
- 22 Jy moet sekerlik 'n tiende gee van al die opbrengs van die saad wat die land jaar vir jaar voortbring.
- 23 Jy moet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat Hy sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou nuwe wyn en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee sodat jy kan leer om יהוה, jou God, altyd respektvol te vrees.
- 24 As die pad vir jou te lank is, as jy dit nie kan vervoer nie omdat die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig, te ver van jou af is, wanneer יהוה, jou God, jou geseën het,
- 25 dan moet jy dit ruil vir geld, die geld in jou hand vat en na die plek gaan wat יהוה, jou God, sal kies.
- 26 Jy moet die geld spandeer op alles wat jou gees begeer, vir beeste, kleinvee, wyn, sterk drank, vir alles wat jou gees van jou begeer en jy moet daar eet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God en vol vreugde wees, jy en jou huis. ^{Num 28:7}
- 27 Jy mag nie die Leviet wat in jou poorte is, vergeet nie, want hy het geen deel of erfenis saam met jou nie.
- 28 Aan die einde van elke drie jaar moet jy al die tiendes van jou opbrengs in dié jaar uitbring en dit in jou dorp stoor.
- 29 Die Leviet, omdat hy geen deel of erfenis saam met jou het nie, die besoeker, die wees en die weduwee wat in jou dorp is, moet kom en hulle moet eet en versadig word sodat יהוה, jou God, jou kan seën in al die werk van jou hand wat jy doen.

- 15** 1 Aan die einde van elke sewe jaar moet jy 'n kwytskelding van skuld laat plaasvind.
- 2 Dit is hoe die kwytskelding plaasvind: elke skuldeiser moet dit wat hy aan sy naaste geleen het, kwytskeld; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan nie, want dit is aangekondig as die kwytskelding van יהוה.
- 3 Jy mag dit van 'n buitelandse aanmaan, maar wat by jou broer is, moet jou hand kwytskeld.
- 4 Nogtans sal daar niemand behoeftig onder julle wees nie, want יהוה sal jou ryklik seën in die land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee, om dit te besit.
- 5 Slegs as jy gehoorsaam luister na die stem van יהוה, jou God, om al die opdragte wat ek jou vandag beveel versigtig te gehoorsaam,
- 6 sal יהוה, jou God, jou seën soos Hy jou beloof het sodat jy aan baie nasies sal uitleen, maar self nie leen nie en jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie.
- 7 As daar by jou, een uit jou broers, 'n behoeftige is in een van jou dorpe, in jou land wat יהוה, jou God, jou gee, dan moet jy nie jou binneste verhard en jou hand toemaak vir jou behoeftige broer nie,
- 8 maar jy moet jou hand vrylik oopmaak vir hom en aan hom genoegsaam leen vir sy behoefte, waarin hy ook al tekort kom.
- 9 Wees versigtig dat daar in jou verstand, wil en emosie geen slegte gedagte is nie en sê: 'Die sewende jaar, die jaar van kwytskelding, is naby' en met 'n bose oog na jou broer kyk (suinig wees) en hom niks gee nie; dan mag hy teen jou na יהוה uitroep en dit sal 'n sonde in jou wees.
- 10 Jy moet gewilliglik aan hom gee en jou gedagtes moenie bedroef wees as jy aan hom gee nie, want ter wille hiervan sal יהוה, jou God, jou seën in al jou werk en in alles waar jy jou hand aan slaan,
- 11 want die arme sal nie ophou om in die land te wees nie; ^{Mar 14:7} daarom gee ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die arme en die behoeftige in jou land.
- 12 As jou broer, 'n Hebreëuse man of 'n Hebreëuse vrou, aan jou verkoop word, moet hy jou ses jaar lank dien, maar in die sewende jaar moet jy hom vrymaak
- 13 en wanneer jy hom vry laat weggaan, moet jy hom nie met leë hande laat weggaan nie.
- 14 Jy moet hom vrylik voorsien vanuit jou kleinvee, jou dorsvloer en jou wyn pers. Jy moet aan hom gee soos יהוה, jou God, jou geseën het.
- 15 Jy moet onthou dat jy 'n slaaf in die land van Mitzrayim was en dat יהוה, jou God, jou losgekoop het; daarom beveel ek jou hierdie dinge vandag,
- 16 As dit gebeur dat hy vir jou sê: 'Ek wil nie van jou af weggaan nie,' aangesien hy jou en jou huis lief het omdat dit vir hom goed was by jou,
- 17 dan moet jy 'n els neem en dit deur sy oor in die deur steek en hy sal jou slaaf wees vir ewig. Met jou slavin moet jy net so doen. ^{Eks 21:3-6}

- 18 Dit moenie moeilik in jou oë wees om hom vry te laat weggaan nie, want hy het jou ses jaar lank gedien teen dubbel die diens van 'n dagloner en יְהוָה, jou God, sal jou seën in alles wat jy doen.
- 19 Al die eersgeborenes van die manlike geslag wat uit jou beeste en jou kleinvee voortgebring word, moet jy aan יְהוָה, jou God, afsonder; jy mag nie werk met die eersgeborene van jou beeste nie of die eersgeborene van jou kleinvee skeer nie.
- 20 Jy en jou huis moet dit jaar vir jaar eet, op die plek wat יְהוָה sal kies, voor die Teenwoordigheid van יְהוָה, jou God, ^{Lev 17:3-7 Deut 12:20-26}
- 21 maar as daar 'n liggaamsgebrek aan is, dit lam of blind is of enige lelike gebrek het, dan moet jy dit nie aan יְהוָה, jou God, offer nie.
- 22 Jy moet dit binne jou poorte eet, soos die rooibok (gasel) en die takbok, die onrein en die rein persoon saam.
- 23 Jy mag net nie die bloed eet nie; jy moet dit op die grond uitgooi soos water.
- 16** 1 Onderhou die maand Aviv en hou die Pesag tot יְהוָה, jou God, want in die maand Aviv het יְהוָה, jou God, jou in die nag uit Mitzrayim uitgebring.
- 2 Jy moet die Pesag tot יְהוָה, jou God, offer; van die kleinvee en die beeste, op die plek wat יְהוָה sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig.
- 3 Jy mag niks met suurdeeg daarby eet nie. Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode saam eet, die brood van onderdrukking, want jy het haastig uit die land van Mitzrayim uitgetrek sodat jy die dag van jou uittog uit die land van Mitzrayim al die dae van jou lewe kan onthou.
- 4 Daar mag geen suurdeeg vir sewe dae lank in jou hele grondgebied gesien word nie en niks van die vleis wat jy die eerste dag teen sonsonder slag, mag tot die oggend toe oorbly nie.
- 5 Jy mag nie die Pesag in enige van jou dorpe wat יְהוָה, jou God, aan jou gee, slag nie,
- 6 maar op die plek waar יְהוָה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig, moet jy die Pesag slag, in die aand teen sonsonder, op die aangestelde tyd toe jy uit Mitzrayim uitgekom het.
- 7 Jy moet dit gaarmaak ^{Eks 12:8} en eet op die plek wat יְהוָה, jou God, sal kies en in die oggend moet jy omdraai en na jou tente toe gaan. ^{2 Kro 30:15-20}
- 8 Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet en op die sewende dag is daar 'n ernstige byeenkoms tot יְהוָה, jou God; dan mag jy geen werk doen nie.
- 9 Jy moet vir jouself sewe weke tel; vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke tel. ^{Hand 2:1}
- 10 Dan moet jy die Fees van Weke hou vir יְהוָה, jou God, met 'n deel van die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee namate יְהוָה, jou God, jou sal seën.
- 11 Jy sal jou verheug voor יְהוָה, jou God, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet wat in jou poorte is, die besoeker, die wees en die weduwee wat by jou is, op die plek wat יְהוָה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig.
- 12 Jy moet onthou dat jy 'n slaaf in Mitzrayim was en jy moet daarop let om hierdie voorskrifte te hou.

- 13 Jy sal die Fees van Hutte sewe dae lank hou nadat jy van jou dorsvloer en jou wynpers ingevorder het. ^{Yog 7:2}
- 14 Jy moet jou verheug in jou fees, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet, die besoeker, die wees en die weduwee wat in jou poorte is.
- 15 Sewe dae lank moet jy tot יהוה, jou God, fees hou op die plek wat יהוה sal kies, want יהוה, jou God, sal jou seën in al jou opbrengs en in al die werk van jou hande sodat jy ten volle vreugdevol sal wees.
- 16 Drie maal per jaar moet al jou manne voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, verskyn op die plek wat Hy sal kies; op die Fees van Ongesuurde Brode, op die Fees van Weke en op die Fees van Hutte en hulle mag nie met leë hande voor die Teenwoordigheid van יהוה verskyn nie. ^{Yog 5:1}
- 17 Elkeen sal gee soos hy instaat is, volgens die seën van יהוה, jou God, wat Hy jou gegee het.
- 18 Jy moet regters en amptenare aanstel in al jou dorpe wat יהוה, jou God, jou gee volgens jou stamme en hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige oordeel.
- 19 Jy mag die reg nie verdraai nie; jy mag nie partydig wees of enige omkoopgeskenk aanvaar nie, want die omkoopgeskenk verblind die oë van die wyse en verdraai die woorde van die regverdige.
- 20 Jy moet onpartydige opregtheid navolg sodat jy kan lewe en die land in besit neem wat יהוה, jou God, jou gee.
- 21 Jy mag vir jou geen 'boomstam vir aanbidding' (Asherah) van enige soort boom plant langs die altaar van יהוה, jou God, wat jy vir jou sal maak nie. ^{2 Kon 18:4; Yeg 43:8}
- 22 Jy mag nie vir jou 'n afgesonderde pilaar, wat יהוה, jou God, haat, oprig nie.
- 17** 1 Jy mag geen bees of stuk kleinvee waaraan 'n gebrek of iets slegs is, aan יהוה, jou God, offer nie, want dit is vir יהוה, jou God, verwerplik.
- 2 As daar tussen jou, in een van jou dorpe wat יהוה, jou God, jou gee, 'n man of 'n vrou gevind word wat boos doen in die oë van יהוה, jou God, deur Sy verbond te oortree,
- 3 wat ander gode gaan dien en voor hulle neergebuig het, of voor die son of die maan of enige van die leër van die hemele, wat Ek nie beveel het nie
- 4 en dit is aan jou vertel en jy het dit gehoor en jy het behoorlik ondersoek ingestel en let op, dit is waar en staan vas dat hierdie verwerplike ding in Yisra'el gedoen is,
- 5 dan moet jy dié man of dié vrou wat hierdie bose ding gedoen het, na jou poorte uitbring en daardie man of vrou met klippe stenig totdat hulle sterf.
- 6 Wie ook al die dood verdien, sal doodgemaak word op grond van die getuienis van twee of drie getuies; hy mag nie doodgemaak word op grond van die getuienis van een getuie nie. ^{1 Tim 5:19; Heb 10:28}
- 7 Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, daarna die hand van die hele volk. So moet jy dan die bose uit jou midde uitroei. ^{1 Kor 5:13}
- 8 As 'n saak voorkom wat vir jou te swaar is om oor te oordeel, tussen een soort doodslag of 'n ander, tussen een regs-eis en 'n ander of tussen een aanval en 'n ander, sake van strydpunte in jou poorte, dan moet jy opstaan en gaan na die plek wat יהוה, jou God, sal kies

- 9 en jy moet kom na die Leviete, die priesters en na die regter wat daar in dié dae sal wees en navraag doen en hulle sal vir jou die uitspraak gee oor die saak.
- 10 Jy moet handel ooreenkomstig die woord wat hulle jou sal gee op dié plek wat יהוה sal kies en jy moet versigtig wees om alles te doen presies soos hulle jou leer.
- 11 Ooreenkomstig die wet wat hulle jou leer en volgens die oordeel wat hulle jou beveel, moet jy doen; jy mag nie regs of links afwyk van die woord wat hulle aan jou gee nie.
- 12 Die man wat voorbarig optree deur nie te luister na die priester, wat staan om daar voor יהוה, jou God, te dien, of na die regter, nie; dié man moet sterf. So moet jy dan die bose uit Yisra'el uitroei. ^{1 Kor 5:13}
- 13 Die hele volk sal dit hoor en respekvol vrees en nie meer voorbarig optree nie.
- 14 Wanneer jy in die land, wat יהוה, jou God, jou gee, kom, dit besit, daarin woon en dan sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,'
- 15 dan moet jy 'n koning wat יהוה, jou God, sal kies, oor jou aanstel; een vanuit jou broers moet jy as koning oor jou aanstel; jy mag geen buitelanders, wat nie jou broer is, oor jou aanstel nie.
- 16 Meer nog, hy mag nie vir hom perde vermenigvuldig nie en hy mag die volk nie na Mitzrayim teruglei om perde te vermenigvuldig nie, want יהוה het vir julle gesê: 'Julle mag nooit weer teruggaan op hierdie pad nie.' ^{1 Kon 10:28}
- 17 Hy mag ook nie vir homself baie vroue vermenigvuldig nie sodat sy verstand, wil en emosie nie weggedraai word nie; hy mag ook nie vir homself baie silwer en goud vermenigvuldig nie.
- 18 Dit sal ook wees dat as hy op die troon van sy koninkryk sit, hy vir homself 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek moet skryf, in die teenwoordigheid van die Levitiese priesters
- 19 en dit moet by hom wees, hy moet al die dae van sy lewe daaruit lees dat hy kan leer om יהוה, sy God, respekvol te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie voorskrifte versigtig te doen
- 20 sodat sy verstand, wil en emosie nie opgelig word bo sy broers nie en hy van die opdragte nie regs of links afdraai nie sodat hy en sy seuns lank mag voortbestaan in sy koninkryk, binne Yisra'el. ^{1 Tim 3:6}
- 18** 1 Die Levitiese priesters, die hele stam van Levi, mag geen deel of erfenis saam met Yisra'el hê nie. Hulle sal die offers deur vuur aan יהוה en Sy deel eet.
- 2 Hulle mag geen erfenis hê onder hul broers nie; יהוה is hulle Erfenis, soos Hy hulle beloof het.
- 3 Die volgende kom die priesters toe vanaf die volk, van die wat 'n offer bring, of dit 'n bees of 'n stuk kleinvee is: hulle moet aan die priester die blad (skouer), die twee wange (kakebeen) en die maag gee.
- 4 Jy moet vir hom die eersteling van jou graan, jou nuwe wyn, jou olie en die eersteling van die skeersel van jou kleinvee gee,
- 5 want יהוה, jou God, het hom en sy seuns uit al jou stamme gekies, om vir altyd te staan en te dien in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה

- 6 en wanneer 'n Leviet uit een van jou dorpe kom, uit die hele Yisra'el waar hy bly en kom met die begeerte van sy wil, verstand en emosie na die plek wat יהוה sal kies,
- 7 dan moet hy dien in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, soos al sy mede Leviete, wat daar voor die Teenwoordigheid van יהוה staan.
- 8 Hulle moet gelyke porsies eet, behalwe wat hy verkoop van sy vader se besittings.
- 9 Wanneer jy kom in die land wat יהוה, jou God, jou gee, moet jy nie leer om die verwerplikhede van daardie nasies na te doen nie.
- 10 Daar mag niemand onder julle gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat gaan nie, wat waarsêery, toordery, verklaring van voortekens of towery beoefen nie, Yir 19:5; Yeg 16:21; 23:37
- 11 of wat vloeke en bindings toepas, of wat geeste oproep of 'n towenaar, of een wat die dooies raadpleeg nie,
- 12 want elkeen wat hierdie dinge doen, is verwerplik vir יהוה en as gevolg van hierdie verwerplikhede onteien יהוה, jou God, hulle voor jou uit.
- 13 Jy moet onberispelik wees voor יהוה, jou God, Mat 5:48
- 14 want hierdie nasies wat jy onteien, het geluister na towenaars en waarsêers, maar wat jou betref, יהוה, jou God, het jou nie toegelaat om dit te doen nie.
- 15 יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister Yog 6:14; Hand 3:23; 7:37
- 16 volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.'
- 17 יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.'
- 18 Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. Yog 5:30
- 19 Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie, Yog 5:46; 14:24
- 20 maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf. Deut 13:1-5
- 21 Jy mag in jou verstand sê: 'Hoe sal ons die woord ken wat יהוה nie gepraat het nie?'
- 22 Wanneer 'n profeet in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה praat en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dít die woord wat יהוה nie gesê het nie; Yeg 33:33 deur voorbarigheid het die profeet dit gesê; jy moenie vir hom bang wees nie. 1 Kon 17:24
- 19** 1 Wanneer יהוה, jou God, die nasies afsny wie se land יהוה, jou God, jou gee en jy hulle onteien het en in hulle stede en in hulle huise bly,
- 2 moet jy vir jou drie stede opsy sit in jou land wat יהוה, jou God, jou gee om te besit.
- 3 Jy moet vir jouself paaie voorberei en jou grondgebied wat יהוה, jou God, jou as besitting gee, in drie dele verdeel sodat elkeen wat manslag begaan het, daarheen kan vlug.

- 4 Dit is die saak vir hom wat manslag begaan het, wat daarheen vlug sodat hy kan lewe: hy wat sy vriend nie opsetlik doodslaan nie terwyl hy hom in die verlede nie gehaat het nie;
- 5 soos byvoorbeeld hy wat saam met sy vriend in die bos ingaan om hout te kap en sy hand swaai met die byl om die boom af te kap en die yster glip van die steel af en tref sy naaste sodat hy sterf; hy moet na een van hierdie stede vlug om te bly lewe;
- 6 anders agtervolg die bloedwreker hom wat manslag begaan het en haal hom in omdat die pad lank is en slaan hom dood terwyl sy emosie warm is terwyl hy die dood nie verdien het nie omdat hy hom van gister en eergister af nie gehaat het nie.
- 7 Ek gee daarom aan jou bevel en sê: 'Jy moet vir jou drie stede afsonder.'
- 8 As יהוה, jou God, jou grondgebied vergroot, soos Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het en jou die hele land gee wat Hy beloof het om aan jou vaders te gee,
- 9 as jy versigtig al hierdie opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel om te doen, om יהוה, jou God, lief te hê en altyd op Sy paaie te loop; dan moet jy vir jou nog drie stede byvoeg bo en behalwe hierdie drie
- 10 sodat geen onskuldige bloed vergiet word binne-in jou land wat יהוה, jou God, jou as besitting gee en skuld vir bloedvergiëting op jou kom nie,
- 11 maar as daar 'n man is wat sy naaste haat en hom voorlê en teen hom opstaan en hom slaan sodat hy sterf en hy na een van hierdie stede vlug,
- 12 dan moet die oudstes van sy stad stuur en hom daarvandaan laat haal en hulle moet hom in die hand van die bloedwreker oorgee sodat hy kan sterf.
- 13 Jou oog mag hom nie jammer kry nie, maar jy moet hom doodmaak en die skuld van onskuldige bloedvergiëting uit Yisra'el verwyder dat dit met jou goed kan gaan.
- 14 Jy mag nie jou naaste se landsgrense skuif wat deur die voorvaders getrek is, in jou erfenis wat jy sal erf in die land wat יהוה, jou God, jou gee om te besit nie.
- 15 'n Enkel getuie mag nie teen iemand opstaan insake enige oortreding of enige sonde wat hy begaan het nie; deur die getuienis van twee of drie getuies sal 'n saak vasgestel word. Mat 18:16; Yog 8:17; 2 Kor 13:1; 1 Tim 5:19; Heb 10:28
- 16 As 'n kwaadwillige getuie teen iemand opstaan om hom te beskuldig dat hy verkeerd gedoen het,
- 17 dan moet die twee manne wat die verskil het, gaan staan voor die Teenwoordigheid van יהוה, voor die priesters en die regters wat aangestel is in dié dae.
- 18 Die regters moet deeglik ondersoek instel en as die getuie 'n valse getuie is en vals teen sy broer getuig het,
- 19 dan moet julle met hom doen soos hy gedink het om met sy broer te doen; so sal jy die bose uit jou midde uitroei. 1 Kor 5:13
- 20 Die ander sal hoor en bang wees en sal nooit weer so 'n boosheid onder julle doen nie.
- 21 Jou oog mag nie jammer kry nie: lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet. Eks 21:24; Mat 5:38

- 20** 1 Wanneer jy uitgaan om te veg teen jou vyand en perde, strydwaens en mense meer in getal as jy sien, moenie vir hulle bang wees nie, want יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het, is by jou. ^{Yir 1:17}
- 2 Wanneer jy die geveg nader, moet die priester naderkom en met die mense praat
- 3 en hy moet vir hulle sê: 'Luister, Yisra'el, julle trek vandag op om te veg teen julle vyande; laat julle binneste nie sag word nie, moenie bang wees, bewe en vreesbevange voor hulle wees nie,
- 4 want dit is יהוה, julle God, wat voor julle gaan om te veg teen julle vyande, om julle te bevry.'
- 5 Die offisiere moet met die mense praat en sê: 'Watter man is daar wat 'n nuwe huis gebou en dit nie ingewy het nie? Laat hom teruggaan huis toe dat hy nie in die oorlog sterf en 'n ander man dit inwy nie.
- 6 Watter man is daar wat 'n wingerd geplant het en nog nie sy vrugte begin gebruik het nie? Laat hom teruggaan huis toe dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders dit gebruik nie.
- 7 Watter man is daar wat aan 'n vrou verloof is en haar nog nie by hom gevat het nie? Laat hom teruggaan huis toe dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders haar vat nie.'
- 8 Die offisiere moet verder met die volk praat en sê: 'Watter man is daar wat bang en sag in sy binneste is? Laat hom teruggaan huis toe dat die binneste van sy broers nie sag word soos syne nie.'
- 9 Wanneer die offisiere klaar met die mense gepraat het, moet hulle leërbevelvoerders aan die hoof van die mense aanstel.
- 10 Wanneer jy naby 'n stad kom om daarteen te veg, moet jy vredesvoorwaardes vir dit aanbied.
- 11 As dit instem om vrede met jou te maak en vir jou oopmaak, moet al die mense wat daarin gevind word jou dwangarbeid word en jou dien,
- 12 maar as die stad nie vrede met jou wil maak nie, maar oorlog teen jou wil voer, moet jy dit omsingel.
- 13 Wanneer יהוה, jou God, dit in jou hand gegee het, moet jy al die manne daarin met die skerpte van die swaard verslaan,
- 14 maar die vroue, die kinders, die vee en alles wat in die stad is; al die buit moet jy vir jou roof en jy moet die buit van jou vyande gebruik wat יהוה, jou God, jou gegee het.
- 15 So moet jy met al die stede maak wat baie ver van jou af is, wat nie van die stede van hierdie nasies naby jou is nie.
- 16 Net in die stede van hierdie volke wat יהוה, jou God, jou as besitting gee, moet jy niks wat asem het, laat lewe nie,
- 17 maar jy moet hulle vernietig om hulle uit te wis: die Hittiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, soos יהוה, jou God, jou beveel het
- 18 sodat hulle julle nie leer om te doen volgens al hulle verwerplikhede wat hulle vir hul gode gedoen het en julle teen יהוה, julle God, sondig nie.

- 19 As jy 'n stad vir lank beleër deur oorlog daarteen te voer om dit te verower, moet jy sy bome nie verwoes deur die byl daarteen te swaai nie; as jy daarvan kan eet moet jy dit nie afkap nie, want is die bome van die veld dan mense dat hulle deur jou beleër moet word?
- 20 Net bome waarvan jy weet dat dit nie bome vir kos is nie, dié mag jy verwoes en afkap om stellasies te bou teen die stad wat teen jou oorlog voer totdat dit val.
- 21** 1 As 'n doodgemaakte persoon in die veld gevind word, in die land, wat יהוה, jou God, jou gee, om dit te besit en dit is nie bekend wie hom gedood het nie,
- 2 dan moet jou oudstes en jou regters uitgaan en die afstand meet na die stede wat rondom die een lê wat gedood is.
- 3 Dit sal wees dat die oudstes van dié stad wat die naaste lê aan hom wat gedood is, 'n verskalf sal vat waarmee nie gewerk is en wat nie in 'n juk getrek het nie.
- 4 Die oudstes van dié stad moet die verskalf afbring na 'n vallei met 'n vloeiende stroom waarin nie geploeg of gesaai is nie en hulle moet die vers se nek daar in die vallei breek.
- 5 Dan moet die priesters, die seuns van Levi, naderkom, want יהוה, jou God, het hulle gekies om Hom te dien en om in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה te seën en volgens hulle uitspraak moet elke verskil en aanval besluit word.
- 6 Al die oudstes van dié stad wat die naaste woon aan hom wat gedood is, moet hulle hande was oor die vers waarvan die nek in die vallei gebreek is
- 7 en hulle moet antwoord en sê: 'Ons hande het nie hierdie bloed vergiet nie en ons oë het dit nie gesien nie.
- 8 Vergewe U volk Yisra'el, wat U losgekoop het, O יהוה en moenie die skuld van onskuldige bloed tussen U volk Yisra'el plaas nie.' Die skuld vir bloedvergieting sal hulle vergewe wees.
- 9 So sal jy die skuld van onskuldige bloed uit jou midde verwyder, as jy doen wat reg is in die oë van יהוה.
- 10 Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevangenes wegvoer
- 11 en jy onder die gevangenes 'n vrou sien wat mooi is en jy haar begeer en haar as vrou vir jou wil vat,
- 12 dan moet jy haar in jou huis inbring en sy moet haar kop skeer en haar naels knip.
- 13 Sy moet die klere van haar gevangenskap uittrek, in jou huis bly en treur oor haar vader en haar moeder, vir 'n volle maand lank. Daarna kan jy by haar ingaan en haar man wees en sy sal jou vrou wees.
- 14 Dit sal wees dat as jy nie tevrede is met haar nie, moet jy haar vrylaat, net waar sy wil, maar jy mag haar sekerlik nie vir geld verkoop nie, jy mag haar nie sleg behandel nie omdat jy haar verneder het.
- 15 As 'n man twee vroue het, een wat hy lief het en een wat hy nie lief het nie en sowel die een wat hy lief het en die een wat hy nie lief het nie gee vir hom geboorte aan seuns en die eersgebore seun behoort aan die vrou wat hy nie lief het nie,

- 16 dan sal dit wees op die dag as hy sy seuns sy besittings laat erf dat hy nie die seun van die vrou waarvoor hy lief is, die eersgeborene kan maak tot nadeel van die seun van die vrou waarvoor hy nie lief is, wat die eersgeborene is, nie
- 17 maar hy moet die eersgeborene, die seun van die vrou waarvoor hy nie lief is nie, erken deur aan hom 'n dubbele deel te gee van alles wat hy besit, want hy is die begin van sy krag: die eersgeboortereg is syne.
- 18 As iemand 'n hardkoppige en rebelse seun het, wat nie luister na die stem van sy vader of sy moeder nie en as hulle hom dissiplineer, hy nie na hulle luister nie,
- 19 dan moet sy vader en sy moeder hom vat en hom uitbring na die oudstes van sy stad, na die poort van sy tuisdorp
- 20 en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: hierdie seun van ons is hardkoppig en rebels, hy wil ons nie gehoorsaam nie, hy is losbandig en 'n dronkaard.
- 21 Dan moet al die manne van sy stad hom stenig tot die dood. So moet jy die boosheid uit jou midde uitroei en die hele Yisra'el sal dit hoor en vrees. ^{1 Kor 5:13}
- 22 As 'n persoon 'n sonde doen wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n boom ophang, ^{Hand 5:30}
- 23 dan mag sy lyk nie oornag aan die boom hang nie, maar jy moet hom sekerlik diéselvfde dag nog begrawe, want een wat opgehang is, is deur God vervloek sodat jy nie jou land wat יְהוָה, jou God, jou as erfenis gee, verontreinig nie. ^{Hand 13:29; Gal 3:13}
- 22** 1 Jy mag nie die bees of stuk kleinvee van jou landgenoot sien wegdwaal en jou nie daaraan steur nie; jy moet hulle terugdraai om te herstel aan jou landgenoot.
- 2 As jou landgenoot nie naby jou is nie of jy hom nie ken nie, moet jy dit na jou huis toe vat en dit moet by jou bly totdat jou landgenoot dit soek; dan moet jy dit vir hom teruggee.
- 3 So moet jy ook doen met sy donkie, so moet jy doen met sy kledingstuk en so moet jy doen met alles wat van jou landgenoot wegraak, wat hy verloor en wat jy vind; jy mag dit nie ignoreer nie.
- 4 Jy mag nie jou landgenoot se donkie of sy bees neergeval sien op die pad en jou nie daaraan steur nie; jy moet hom help om dit op te lig.
- 5 'n Vrou mag nie manskler dra nie en 'n man mag geen vroueklere aantrek nie, want wie dit ook al doen, is vir יְהוָה, jou God, verwerplik.
- 6 As daar 'n voëlnes voor jou op die pad is in enige boom of op die grond, met voëltjies of eiers terwyl die moeder op die voëltjies of op die eiers sit, mag jy die moeder nie saam met die kleintjies wegvat nie.
- 7 Jy moet die moeder sekerlik laat wegvlieg dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe, maar die kleintjies mag jy vir jou vat.
- 8 Wanneer jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n reling aan jou dak maak sodat jy nie die skuld van bloed op jou huis bring as iemand daarvan afval nie.
- 9 Jy mag nie twee soorte saad in jou wingerd saai nie, of die volle opbrengs van die saad wat jy gesaai het en die vermenigvuldiging van die wingerd, sal onrein word.
- 10 Jy mag nie met 'n os en 'n donkie saam ploeg nie.
- 11 Jy mag geen materiaal van wol en linne, wat saam gemeng is, aantrek nie.

- 12 Jy moet vir jou gevestigde trossels maak aan die vier hoeke van die kledingstuk waarmee jy jouself bedek. Num 15:38,39; Mat 23:5
- 13 As 'n man 'n vrou vat en by haar ingaan en dan teen haar draai
- 14 en haar beskuldig van skandelerlike dade en haar openlik slegmaak en sê: 'Ek het hierdie vrou gevat en toe ek naby haar kom, het ek haar nie 'n maagd gevind nie,'
- 15 dan moet die vader en die moeder van die dogter die getuieis van die dogter se maagdom vat en dit na die oudstes van die stad by die poort uitbring.
- 16 Die vader van die dogter moet aan die oudstes sê: 'Ek het my dogter aan hierdie man as vrou gegee, maar hy het teen haar gedraai
- 17 en let op, hy het haar beskuldig van skandelerlike dade deur te sê: "Ek het nie gevind dat jou dogter 'n maagd is nie," maar hierdie is die bewys van my dogter se maagdom' en hulle moet die kledingstuk voor die oudstes van die stad uitsprei.
- 18 Die oudstes van die stad moet die man vat en hom dissiplineer
- 19 en hom 'n boete van honderd sikkels silwer oplê en dit aan die vader van die dogter gee omdat hy 'n jongmeisie van Yisra'el openlik beswadder het en sy sal sy vrou bly; hy mag haar nie skei solank as hy lewe nie.
- 20 As die beskuldiging eger waar is dat die dogter nie 'n maagd bevind is nie,
- 21 dan moet hulle die dogter na die deur van haar vader se huis uitbring en die manne van haar stad moet haar stenig tot die dood omdat sy 'n skandelerlike daad in Yisra'el begaan het deur in die huis van haar vader te hoereer. So moet jy dan die bose uit jou midde uitroei.
- 22 As 'n man betrap word terwyl hy by 'n getroude vrou lê, moet hulle altwee sterf: die man wat by die vrou lê en die vrou. So moet jy dan die bose uit Yisra'el uitroei.
- 23 As 'n meisie, 'n maagd wat aan 'n man verloof is, deur 'n ander man in die stad gekry word en hy by haar lê,
- 24 dan moet jy hulle altwee na die poort van die stad uitbring en hulle stenig tot die dood; die meisie omdat sy in die stad nie uitgeskree het nie en die man omdat hy die vrou van sy naaste onteer het. So moet jy dan die bose uit jou midde uitroei,
- 25 maar as die man die verloofde meisie in die veld kry en die man hom op haar afdwing en by haar lê, moet die man wat by haar gelê het, alleen sterf,
- 26 maar aan die dogter moet jy niks doen nie: daar is in die dogter geen sonde wat die dood verdien nie, want soos wanneer 'n man teen sy naaste opstaan en hom doodslaan, so is hierdie geval.
- 27 Toe hy haar in die veld gekry het, het die verloofde meisie geskree, maar daar was niemand om haar te red nie.
- 28 As 'n man 'n meisie, 'n maagd wat nie verloof is nie, kry, haar beetkry en by haar lê en hulle word betrap,
- 29 dan moet die man wat by haar gelê het aan die vader van die meisie vyftig sikkels silwer gee en sy moet sy vrou wees omdat hy haar onteer het; hy mag haar nie skei solank as hy lewe nie.
- 30 'n Man mag nie die vrou van sy vader vat nie en ook nie sy vader se kleed ontbloot nie. Deut 27:20

- 23** 1 Niemand wat seksueel losbandig leef, mag in die vergadering van יהוה kom nie. ^{1 Kor 6:9; Heb 13:4; Open 2:14}
- 2 Niemand wat gemeng (Jood / nie-Jood) gebore is, mag in die vergadering van יהוה kom nie; nie een van sy nageslag, selfs tot in die tiende geslag mag in die vergadering van יהוה kom nie.
- 3 Geen 'Ammoniet of Mo'aviet mag in die vergadering van יהוה kom nie; nie een van sy nageslag, selfs tot in die tiende geslag mag ooit in die vergadering van יהוה kom nie. ^{Neg 13:1}
- 4 omdat hulle julle, by jul uittog uit Mitzrayim, nie met brood en water op die pad ontmoet het nie en omdat hulle Bil'am, die seun van B'or, uit P'tor in Aram-Naharayim, teen jou gehuur het om jou te vervloek. ^{Deut 25:17-19}
- 5 Nogtans was יהוה, jou God, nie gewillig om na Bil'am te luister nie, maar יהוה, jou God, het vir jou die vloek in 'n seën verander omdat יהוה, jou God, jou lief het.
- 6 Jy mag nooit hulle vrede en hulle voorspoed soek, solank as jy lewe nie.
- 7 Die Edomiet mag jy nie verag nie, want hy is jou broer; die Mitzrayimiet moet jy nie verag nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land.
- 8 Die seuns wat vir hulle in die derde geslag gebore word, mag in die vergadering van יהוה kom.
- 9 Wanneer jy as leër teen jou vyande uittrek, moet jy jou van elke bose ding weerhou.
- 10 As daar iemand onder jou is wat weens 'n onverwagte gebeurtenis in die nag onrein is, moet hy uit die kamp uitgaan; hy mag nie in die kamp inkom nie,
- 11 maar dit sal wees, as die aand naderkom, moet hy homself in water bad en teen sonsonder mag hy teruggaan in die kamp.
- 12 Jy moet ook buitekant die kamp 'n plek hê en daarheen uitgaan
- 13 en jy moet by jou gereedskap 'n graaf hê; as jy buitekant gaan sit, moet jy daarmee grawe, omdraai en jou uitskeiding toegooi.
- 14 Aangesien יהוה, jou God, midde-in jou kamp loop om jou te bevry en jou vyande voor jou te verslaan; daarom moet jou kamp afgesonder wees en Hy moet niks afstootliks by jou sien nie of Hy sal van jou af wegdraai.
- 15 Jy mag nie 'n slaaf wat van sy meester af na jou toe ontsnap het, aan sy meester oorhandig nie.
- 16 Hy sal by jou bly, in jou midde, in die plek wat hy in een van jou dorpe sal kies, waar dit vir hom goed is; jy mag hom nie sleg behandel nie.
- 17 Geen dogter van Yisra'el mag 'n kultusprostituut wees nie en geen seun van Yisra'el mag 'n kultusprostituut wees nie.
- 18 Jy mag nie die huur van 'n hoer of die beloning van 'n hond (manlike prostituut) in die huis van יהוה, jou God, as enige offer van belofte bring nie, want dié altwee is verwerplik vir יהוה, jou God.
- 19 Jy mag jou landgenoot geen rente oplê nie, rente op geld, kos of enigiets wat 'n mens teen rente uitleen nie.

- 20 Jy mag rente vra van die buitelanders, maar jou landgenoot mag jy geen rente opleë nie sodat יהוה, jou God, jou kan seën in alles wat jy onderneem in die land waarin jy gaan, om dit te besit.
- 21 Wanneer jy aan יהוה, jou God, 'n gelofte doen, ^{Num 30:2} moet jy nie uitstel om dit te betaal nie, want dit sal sonde in jou wees en יהוה, jou God, sal dit sekerlik van jou vereis;
- 22 daarenteen, as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
- 23 Jy moet versigtig wees om te doen wat oor jou lippe gaan, net soos jy aan יהוה, jou God, vrywillig oorgegee het, wat jy beloof het.
- 24 Wanneer jy jou naaste se wingerd binnegaan, mag jy druiwe eet totdat jy versadig is, maar jy mag niks in jou mandjie pak nie.
- 25 Wanneer jy jou naaste se staande graan binnegaan, mag jy met jou hand are afpluk, maar jy mag nie 'n sekel swaai in die ongesnyde graan van jou naaste nie.
- 24** 1 Wanneer 'n man 'n vrou vat en met haar trou en dit gebeur dat sy geen guns in sy oë vind nie omdat hy iets skandelijks aan haar gevind het en hy skryf vir haar 'n skeibrief, dit in haar hand gee, haar uit sy huis wegstuur, ^{Mat 5:31; 19:7; Mar 10:4}
- 2 sy sy huis verlaat en weggaan en 'n ander s'n word
- 3 en as dié laaste man teen haar draai en vir haar 'n skeibrief skryf en dit in haar hand gee en haar uit sy huis uit wegstuur, of as dié laaste man sterf wat haar vir hom as vrou gevat het,
- 4 dan word die eerste man wat haar weggestuur het, nie toegelaat om haar weer te vat om sy vrou te wees nie, aangesien sy onrein geword het, want dit is verwerplik voor יהוה en jy mag nie sonde bring op die land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee nie.
- 5 Wanneer 'n man 'n nuwe vrou gevat het, mag hy nie saam met die leërmag uittrek of enige diens op hom gelê word nie; een jaar lank moet hy vry wees, by sy huis en geluk en vreugde aan sy vrou, wat hy gevat het, gee.
- 6 Niemand mag die handmeul of die boonste maalklip as pand neem nie, want hy sou 'n lewe vat as pand.
- 7 As iemand gevang word wat 'n persoon uit sy landgenote, uit die seuns van Yisra'el, ontvoer, hom gewelddadig behandel of hom verkoop, dan moet dié dief sterf. So moet jy die boosheid uit jou midde uitroei. ^{1 Kor 5:13}
- 8 Wees versigtig dat jy noukeurig handel volgens alles wat die Levitiese priesters julle leer aangaande 'n infeksie van melaatsheid; soos ek hulle beveel het, so moet julle dit versigtig doen.
- 9 Onthou wat יהוה, jou God, op die pad, toe julle uit Mitzrayim uitgekom het, aan Miryam gedoen het.
- 10 Wanneer jy aan jou naaste enigiets leen, mag jy nie in sy huis ingaan om sy pand te gaan haal nie.
- 11 Jy moet buite bly staan en die man aan wie jy die lening maak, moet die pand uitbring na jou toe.
- 12 As hy 'n arm man is, moet jy nie met sy pand gaan slaap nie.

- 13 Wanneer die son ondergaan moet jy beslis die pand aan hom teruggee sodat hy in sy kleed kan slaap en jou seën en dit sal onpartydige opregtheid vir jou wees voor יהוה, jou God.
- 14 Jy mag nie 'n gehuurde dienskneg, of hy een van jou landgenote of een van jou vreemdelinge wat in jou land of in jou dorpe is, onderdruk wat arm en behoeftig is nie.
- 15 Jy moet hom sy loon gee op die dag self, voordat die son ondergaan, want hy is arm en sy begeerte is daarna sodat hy nie teen jou tot יהוה roep en dit sonde in jou word nie.
- 16 Vaders mag nie vir die seuns doodgemaak word en seuns mag nie vir die vaders doodgemaak word nie; ^{Eks 32:33; 2 Kon 14:6; Yir 31:30; Yeg 18:4,20} elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.
- 17 Jy mag nie die reg wat 'n vreemdeling en die wees toekom verdraai nie en ook nie die kledingstuk van 'n weduwee as pand neem nie,
- 18 maar jy moet onthou dat jy 'n slaaf was in Mitzrayim en dat יהוה, jou God, jou daaruit losgekoop het; daarom beveel ek jou om hierdie ding te doen.
- 19 Wanneer jy jou oes op jou land insamel en 'n gerf op die land vergeet, mag jy nie teruggaan om dit te gaan haal nie; dit sal wees vir die vreemdeling, die wees en die weduwee sodat יהוה, jou God, jou kan seën in al die werk van jou hande. ^{Rut 2:2,3}
- 20 Wanneer jy jou olyfbome afslaan, moet jy nie weer oor die takke gaan nie; dit sal wees vir die vreemdeling, die wees en die weduwee.
- 21 Wanneer jy die druiwe bymekaarmaak uit jou wingerd, moet jy nie weer daaroor gaan nie; dit sal wees vir die vreemdeling, die wees en die weduwee.
- 22 Jy moet onthou dat jy 'n slaaf was in die land van Mitzrayim; daarom beveel ek jou om hierdie ding te doen.
- 25** ¹ As daar 'n geskil tussen manne is en hulle gaan hof toe en die regters besluit oor hulle saak en die regverdige word onskuldig verklaar en die bose oortreder veroordeel,
- 2 dan sal dit wees as die bose oortreder slae verdien dat die regter hom moet laat lê en hom in sy teenwoordigheid moet laat slaan met 'n aantal houe ooreenkomstig sy skuld.
- 3 Hy mag hom met veertig houe slaan, nie meer nie sodat hy hom nie met baie meer houe as dit slaan en jou broer nie verneder word voor jou oë nie.
- 4 Jy mag 'n os nie muilband terwyl hy graan dors nie. ^{Luk 10:7; Gal 6:6; 1 Kor 9:9; 1 Tim 5:18}
- 5 Wanneer broers bymekaar woon en een van hulle sterf sonder 'n seun, dan mag die vrou van die oorledene nie na buite 'n vreemde man s'n word nie; haar man se broer moet by haar ingaan en haar as sy vrou vat en die plig van 'n man se broer vir haar uitvoer. ^{Gen 38:8; Mat 22:24; Mar 12:19; Luk 20:28}
- 6 Dit sal wees dat die eersgeborene waaraan sy geboorte gee, die naam van sy oorlede broer moet aanvaar sodat sy naam nie uit Yisra'el uitgevee word nie,

- 7 maar as die man nie begeer om sy skoonsuster te vat nie, moet sy skoonsuster na die poort opgaan, na die oudstes toe en sê: 'My swaer weier om sy broer se naam in Yisra'el te vestig; hy is nie gewillig om die plig van 'n man se broer teenoor my na te kom nie.'
- 8 Dan moet die oudstes van sy stad hom roep en met hom praat en as hy volhard en sê: 'Ek begeer nie om haar te vat nie,'
- 9 dan moet sy skoonsuster voor die oë van die oudstes na hom toe kom en sy sandaal van sy voet aftrek, in sy gesig spoeg en verklaar: 'So word gedoen met die man wat nie die huis van sy broer opbou nie.' ^{Rut 4:7-9}
- 10 Sy naam moet in Yisra'el genoem word: 'Die huis van hom wie se sandaal verwyder is.'
- 11 As twee landgenote met mekaar baklei en die een se vrou naderkom om haar man te red uit die hand van die een wat hom slaan en haar hand uitsteek en hom aan die skaamdele gryp,
- 12 dan moet jy haar hand afkap; jy mag haar nie jammer kry nie.
- 13 Jy mag nie verskillende weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie.
- 14 Jy mag nie verskillende mates, 'n grote en 'n kleintjie, in jou huis hê nie.
- 15 Jy moet 'n vol en korrekte gewig hê; jy moet 'n vol en korrekte maat hê sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, jou gee,
- 16 want elkeen wat hierdie dinge doen, elkeen wat onregverdig optree, is verwerplik vir יהוה, jou God.
- 17 Onthou wat 'Amalek op die pad aan jou gedoen het toe jy uitgekom het uit Mitzrayim, ^{Num 24:20; Deut 23:3-5; 1 Sh'm 15:2-4; 1 Kron 4:43}
- 18 hoe hy jou ontmoet het op die pad en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, aangeval het terwyl jy moeg en saf was en hy God nie gevrees het nie.
- 19 Dit sal daarom wees dat wanneer יהוה, jou God, vir jou rus gee van al jou omringende vyande, in die land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee om te besit dat jy die nagedagtenis van 'Amalek onder die hemel moet uitwis; jy moenie vergeet nie.
- 26** 1 Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly
- 2 dat jy van die eersteling van al die vrugte van die grond wat jy inbring uit jou land wat יהוה, jou God, jou gee, moet vat en dit in 'n mandjie sit en jy moet gaan na die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig.
- 3 Jy sal na die priester toe gaan wat aan diens is in dié dae en jy moet vir hom sê: 'Ek verklaar vandag teenoor יהוה, my God, dat ek in die land ingekom het wat יהוה aan ons vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee.'
- 4 Dan moet die priester die mandjie uit jou hand vat en dit voor die altaar van יהוה, jou God, neersit.
- 5 Jy moet antwoord en voor יהוה, jou God, sê: 'My vader is na Aram gelei en het na Mitzrayim afgetrek en het daar as besoeker gebly met min mense, maar daar het hy 'n groot, magtige en talryke nasie geword.'

- 6 Die Mitzrayimiete het ons hard behandel, ons onderdruk en harde werk op ons afgedwing.
- 7 Toe het ons uitgeroep na יהוה, die God van ons vaders en יהוה het ons stem gehoor en ons moeilikheid, ons harde werk en ons onderdrukking gesien
- 8 en יהוה het ons uit Mitzrayim uitgelei deur 'n magtige hand en 'n uitgestrekte arm, deur groot angswekkende daade en deur tekens en wonders
- 9 en Hy het ons na hierdie plek gebring en ons hierdie land gegee, 'n land wat vloei met melk en heuning.
- 10 Nou, let op, ek het die eersteling van die vrugte van die land wat U, יהוה, my gegee het, gebring.' Dan moet jy dit neersit voor יהוה, jou God en jou neerbuig voor יהוה, jou God
- 11 en jy, die Leviet en die vreemdeling wat tussen jou is, moet julle verheug oor al die goeie wat יהוה, jou God, jou en jou huis gegee het.
- 12 Wanneer jy klaar al die tiendes van jou vermeerdering afgesonder het in die derde jaar, die jaar van die tiendes, dan moet jy dit aan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee gee dat hulle in jou dorpe kan eet en tevrede wees.
- 13 Jy moet voor יהוה, jou God, sê: 'Ek het die afgesonderde gedeelte uit my huis verwyder en dit ook aan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee gegee, volgens al U opdragte wat U my beveel het; ek het geeneen van U opdragte oortree of vergeet nie.
- 14 Ek het nie daarvan geëet terwyl ek rou nie of enige daarvan verwyder terwyl ek onrein was nie of enige daarvan aan 'n dooie geoffer nie. Ek het na die stem van יהוה, my God, geluister; ek het gedoen volgens alles wat U my beveel het.
- 15 Kyk af uit U afgesonderde blyplek, uit die hemel en seën U volk Yisra'el en die grond wat U ons gegee het, soos U aan ons vaders met 'n eed beloof het, 'n land wat vloei met melk en heuning.'
- 16 Vandag beveel יהוה, jou God, jou om hierdie voorskrifte en regverdige oordele na te kom. Jy moet daarom versigtig wees om hulle met jou hele verstand, wil en emosie en jou hele gees en lewe te doen.
- 17 Jy het vandag verklaar dat יהוה jou God is en dat jy in Sy paaie sal loop en Sy voorskrifte, opdragte en regverdige oordele sal gehoorsaam en na Sy stem sal luister en dit doen.
- 18 יהוה het jou vandag as Sy volk verklaar, 'n waardevolle besitting, soos Hy jou beloof het dat jy al Sy opdragte moet uitvoer
- 19 en dat Hy jou hoog bo al die nasies wat Hy gemaak het, sal stel, tot lofprysing, roem en eer en dat jy 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God, sal wees soos Hy gesê het."
- 27** 1 Toe het Mosheh saam met die oudstes van Yisra'el die volk beveel en gesê: "Onderhou al die opdragte wat ek julle vandag beveel.
- 2 Op die dag as julle deur die Yarden gaan in die land wat יהוה, jou God, jou gee, sal dit so wees dat jy vir jou groot klippe moet oprig en dit met kalk bedek
- 3 en wanneer jy oortrek moet jy al die woorde van hierdie wet daarop skryf sodat jy kan ingaan in die land wat יהוה, jou God, jou gee, 'n land wat vloei met melk en heuning, soos יהוה, die God van jou vaders, jou beloof het.

- 4 So sal dit wees wanneer jy deur die Yarden trek dat julle hierdie klippe op die berg 'Eival moet oprig, soos ek julle vandag beveel en jy moet dit met kalk bedek.
- 5 Meer nog, jy moet daar vir יהוה, jou God, 'n altaar bou, 'n altaar van klippe; jy mag geen yster daaroor swaai nie.
- 6 Jy moet die altaar van יהוה, jou God, bou van ongekapte klippe en jy moet brandoffers daarop bring aan יהוה, jou God
- 7 en jy moet vredesoffers offer en daar eet en jou verheug voor יהוה, jou God.
- 8 Jy moet al die woorde van hierdie wet baie duidelik op die klippe skryf."
- 9 Toe het Mosheh en die Levitiese priesters met die hele Yisra'el gepraat en gesê: "Wees stil en luister, O Yisra'el! Vandag het jy 'n volk vir יהוה, jou God, geword;
- 10 daarom moet jy יהוה, jou God, gehoorsaam en Sy opdragte en Sy voorskrifte, wat ek jou vandag beveel, doen."
- 11 Mosheh het op dié dag ook aan die volk opdrag gegee en gesê:
- 12 "Wanneer jy oor die Yarden trek, moet hierdie staan op die berg G'rizim om die volk te seën: Shim'on, Levi, Y'hudah, Yissakhar, Yosef en Binyamin.
- 13 Vir die vervloeking moet hierdie op die berg 'Eival staan: Re'uven, Gad, Asher, Z'vulun, Dan en Naftali.
- 14 Die Leviëte moet dan verklaar en aan al die manne van Yisra'el met 'n harde stem sê:
- 15 'Vervloek is die man wat 'n gekerfde of gegote beeld, wat verwerplik vir יהוה is, maak, die werk van die hande van 'n ambagsman en dit in die geheim oprig.' Al die mense moet antwoord en sê: 'Dit is waar.'
- 16 'Vervloek is hy wat sy vader of sy moeder onteer.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 17 'Vervloek is hy wat sy naaste se grenslyn verskuif.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 18 'Vervloek is hy wat 'n blinde verkeerd lei op die pad.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 19 'Vervloek is hy wat regverdige oordeel vir vreemdeling, wees en weduwee verdraai.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 20 'Vervloek is hy wat by die vrou van sy vader lê, want hy het die kleed van sy vader opgelig.' ^{Gen 35:22; Deut 22:30} Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 21 'Vervloek is hy wat by enige dier lê.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 22 'Vervloek is hy wat by sy suster, die dogter van sy vader of die dogter van sy moeder, lê.' ^{2 Sam 13} Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 23 'Vervloek is hy wat by sy skoonmoeder lê.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 24 'Vervloek is hy wat sy naaste in die geheim doodslaan.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.' ^{Gen 4:11}
- 25 'Vervloek is hy wat 'n omkoopgeskenk aanvaar om 'n onskuldige persoon dood te slaan.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'
- 26 'Vervloek is hy wat nie die woorde van hierdie wet bevestig deur dit te doen nie.' Al die mense moet sê: 'Dit is waar.'

- 28** 1 Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde.
- 2 Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam:
- 3 Geseënd sal jy wees in die stad en geseënd sal jy wees in die platteland.
- 4 Geseënd sal die nakomeling van jou liggaam, die vrugte van jou grond en die nakomeling van jou vee, die vermeerdering van jou beeste en die lammers van jou kleinvee wees.
- 5 Geseënd sal jou mandjie en jou knieskottel wees.
- 6 Geseënd sal jy wees as jy inkom en geseënd sal jy wees as jy uitgaan.
- 7 יהוה sal gee dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou wegvlug.
- 8 יהוה sal die seën oor jou in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan beveel en Hy sal jou seën in die land wat יהוה, jou God, jou gee. ^{Ps 1:3}
- 9 יהוה sal jou oprig as 'n afgesonderde volk vir Homself soos Hy vir jou gesweer het, as jy die opdragte van יהוה, jou God, hou en in Sy paaie loop.
- 10 So sal al die volke van die aarde sien dat jy genoem word volgens die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hulle sal vir jou bang wees. ^{Y'ho 2:9-11}
- 11 יהוה sal jou oorvloedig maak in voorspoed; in die nakomeling van jou liggaam, in die nakomeling van jou vee en in die lewering van jou grond, in die land wat יהוה aan jou vaders met 'n eed beloof het om vir jou te gee.
- 12 יהוה sal Sy goeie stoorkamer, die hemele, vir jou oopmaak om reën te gee vir jou land in sy seisoen en om al die werk van jou hand te seën ^{Ps 1:3} en jy sal aan baie nasies uitleen, maar jy sal nie leen nie. ^{Yes 65:22}
- 13 יהוה sal jou die kop maak en nie die stert nie, jy sal net bo wees en nie onder nie, as jy luister na die opdragte van יהוה, jou God, wat ek jou vandag beveel, om dit versigtig na te kom
- 14 en nie regs of links afdraai van enige van die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te gaan, om hulle te dien nie. ^{Spr 10:30}
- 15 Dit sal egter gebeur as jy יהוה, jou God, nie gehoorsaam nie, nie al Sy opdragte hou en Sy voorskrifte doen, wat ek jou vandag beveel nie, al hierdie vloeke oor jou sal kom en jou oorweldig:
- 16 vervloek sal jy wees in die stad en vervloek sal jy wees in die platteland.
- 17 Vervloek sal wees jou mandjie en jou knieskottel.
- 18 Vervloek sal wees die nakomeling van jou liggaam en die lewering van jou grond, die vermeerdering van jou beeste en die kleintjies van jou kleinvee.
- 19 Vervloek sal jy wees as jy inkom en vervloek sal jy wees as jy uitgaan.
- 20 יהוה sal vloeke, verwarring en bestraffings oor jou stuur in alles wat jy onderneem om te doen totdat jy vernietig is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou dade omdat jy My verlaat het.
- 21 יהוה sal maak dat die pes aan jou vasklou totdat Hy jou verteer het uit die land waarheen jy gaan, om dit te besit.

- 22 יהוה sal jou swaar tref met wegvretende siekte, koors, inflammasie, ontsteking, met die swaard, plantsiektes en ryp en hulle sal jou agtervolg totdat jy omkom.
- 23 Die hemel wat oor jou kop is, sal koper wees en die aarde wat onder jou is, yster.
- 24 יהוה sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy vernietig is.
- 25 יהוה sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uitvlug en jy sal 'n voorbeeld van angs wees vir al die koninkryke van die aarde.
- 26 Jou lyke sal kos wees vir al die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde en daar sal niemand wees om hulle af te skrik nie.
- 27 יהוה sal jou slaan met die swere van Mitzrayim en met gewasse, skurfte en jeuk waarvan jy nie kan gesond word nie.
- 28 יהוה sal jou slaan met kranksinnigheid, blindheid en verstandsverwarring
- 29 en jy sal op die middag rondtas soos die blinde in die donker rondtas en jou paaie sal nie voorspoedig wees nie, maar jy sal altyddeur net onderdruk en beroof wees, met niemand om jou te red nie.
- 30 Jy sal aan 'n vrou verloof raak, maar 'n ander man sal haar onteer. Jy sal 'n huis bou, maar jy sal nie daarin woon nie. Jy sal 'n wingerd plant, maar nie sy vrugte gebruik nie. ^{Spr 10:30}
- 31 Jou bees sal voor jou oë geslag word, maar jy sal nie daarvan eet nie; jou donkie sal van jou weggeskeur word en nie aan jou terugbesorg word nie; jou kleinvee sal aan jou vyande gegee word en daar sal niemand wees om jou te red nie.
- 32 Jou seuns en jou dogters sal aan 'n ander volk gegee word terwyl jou oë toekyk en voortdurend na hulle verlang, maar daar sal niks wees wat jy kan doen nie.
- 33 'n Volk wat jy nie ken nie, sal die lewering van jou grond en al jou werk opeet en jy sal nooit iets anders wees as onderdruk en gebreek nie
- 34 sodat jy verblind sal word deur die gesig wat jou oë sal sien.
- 35 יהוה sal jou aan die knieë en aan die bene tref met seer swere waarvan jy nie gesond kan word nie, van jou voetsool af tot by die kroon van jou kop.
- 36 יהוה sal jou en jou koning wat jy oor jou aanstel, na 'n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien.
- 37 Jy sal 'n verskrikking, 'n spreekwoord en 'n spot wees onder al die volke waarheen יהוה jou sal dryf.
- 38 Jy sal baie saad uitvat na die land toe, maar jy sal min inbring, want die sprinkaan sal dit opeet.
- 39 Jy sal wingerde plant en bewerk, maar jy sal nie van die wyn drink of van die druiwe inbring nie, want die wurm sal dit opeet.
- 40 Jy sal olyfbome hê in jou hele grondgebied, maar jy sal jou nie met olie self nie, want jou olywe sal afval.
- 41 Jy sal seuns en dogters hê, maar hulle sal nie joune wees nie, want hulle sal in gevangenskap gaan.
- 42 Die sprinkaan sal al jou bome en die lewering van jou land besit.
- 43 Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër bo jou opstyg en jy sal laer en laer afsak.

- 44 Hy sal aan jou leen, maar jy sal nie aan hom leen nie; hy sal die kop wees en jy sal die stert wees.
- 45 So sal al hierdie vloeke oor jou kom, jou agtervolg en jou oorweldig totdat jy vernietig is omdat jy יהוה, jou God, nie wou gehoorsaam deur Sy opdragte en Sy voorskrifte na te kom wat Hy jou beveel het nie.
- 46 Hulle sal 'n teken en 'n getuienis op jou en jou nageslag word vir ewig.
- 47 Omdat jy יהוה, jou God, nie met vreugde en oorweldigende blydschap van verstand, wil en emosie gedien het, vir die oorfloed van alles nie, ^{Rom 1:21}
- 48 sal jy daarom jou vyand, wat יהוה teen jou sal stuur, dien in honger, in dors, in naaktheid en in gebrek aan alles en hy sal 'n yster juk op jou nek sit totdat hy jou vernietig het. ^{Rom 1:24}
- 49 יהוה sal 'n nasie teen jou bring van ver af, van die einde van die aarde af, soos 'n arend wat afduik, 'n nasie wie se taal jy nie sal verstaan nie,
- 50 'n nasie van harde gelaatstrekke, wat geen respek het vir die oues en geen guns wys aan die jonges nie.
- 51 Meer nog, hulle sal die nakomeling van jou vee en die lewering van jou grond opeet totdat jy vernietig is; wat vir jou geen graan, geen nuwe wyn, geen olie, of die vermeerdering van jou beeste of kleintjies van jou kleinvee sal los totdat hulle jou tot niet gemaak het nie.
- 52 Dit sal jou beleër in al jou dorpe totdat jou hoë en versterkte mure, waarop jy in jou hele land vertrou het, val en dit sal jou beleër in al jou dorpe in jou hele land wat יהוה, jou God jou gegee het.
- 53 Dan sal jy die nakomeling van jou eie liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat יהוה, jou God, vir jou gegee het, tydens die beleëring en in die benoudheid, waarmee jou vyand jou sal onderdruk.
- 54 Die verfynde en delikate man by jou sal vyandig wees teenoor sy broer en die vrou wat hy koester en teenoor sy orige kinders wat oorbly
- 55 sodat hy aan nie een van hulle iets sal gee van die vlees van sy kinders wat hy sal eet nie omdat hy niks anders oor het tydens die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou dorpe sal onderdruk nie.
- 56 Die verfynde en delikate vrou by jou, wat in verfyndheid en delikaatheid nooit sal waag om haar voetsool op die grond neer te sit nie, sal vyandig wees teenoor haar man wat sy koester en teenoor haar seun en dogter
- 57 en teenoor haar nageboorte wat tussen haar bene uitgaan en haar kinders waaraan sy geboorte sal gee, want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan enige iets anders tydens die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in jou dorpe sal onderdruk.
- 58 As jy nie versigtig is om al die woorde van hierdie wet, wat in hierdie boek geskryf is, te hou nie, om hierdie vereerde en ontsagwekkende Karakter en Outoriteit (Naam), יהוה, jou God, respectvol te vrees nie,
- 59 dan sal יהוה bonatuurlike plaes oor jou en oor jou nageslag bring, selfs groot en aanhoudende plaes, ellendige en kroniese siektes,
- 60 Hy sal al die kwale van Mitzrayim weer terugbring op jou, waarvoor jy bang was en hulle sal aan jou vasklou.

- 61 יהוה sal ook elke siekte en elke plaag, wat nie in die boek van hierdie wet geskryf is nie, oor jou bring totdat jy vernietig is.
- 62 Dan sal julle min in getal oorbly, alhoewel julle soveel soos die sterre van die hemel was omdat jy יהוה, jou God, nie gehoorsaam het nie.
- 63 Dit sal wees dat net soos יהוה oor julle bly was om julle voorspoedig te maak en julle te vermenigvuldig, so sal יהוה oor julle bly wees om julle tot niet te maak en julle te vernietig en julle sal uitgeskeur word uit die land waarheen jy gaan, om dit te besit.
- 64 Meer nog, יהוה sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie. ^{Yir 16:13}
- 65 Onder dié nasies sal jy geen rus vind nie en vir jou voetsool sal daar geen rusplek wees nie, maar יהוה sal jou daar 'n bewende verstand, wil en emosie gee, oë wat faal en 'n wanhopige gees.
- 66 So sal jou lewe in twyfel voor jou hang en jy sal nag en dag in angs wees en geen versekering vir jou lewe hê nie.
- 67 In die oggend sal jy sê: 'As dit maar aand was' en in die aand sal jy sê: 'As dit maar oggend was!' vanweë die angs van jou verstand, wil en emosie, wat jou beangs maak en vanweë dit wat jou oë sal sien.
- 68 יהוה sal jou op skepe na Mitzrayim terugbring, op die pad waarvan ek vir jou gesê het: 'Jy sal dit nooit weer sien nie' en daar sal julle julleself aan jul vyande as slawe en slavinne verkoop, maar daar sal geen koper wees nie.
- 29** 1 Hierdie is die woorde van die verbond wat יהוה Mosheh beveel het om met die seuns van Yisra'el te sluit in die land van Mo'av, bo en behalwe die verbond wat Hy met hulle by Horev gesluit het.
- 2 Mosheh het die hele Yisra'el geroep en vir hulle gesê: "Julle het alles gesien wat יהוה in die land van Mitzrayim voor julle oë aan Farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het,
- 3 die groot toetse wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders.
- 4 Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie 'n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie. ^{Yes 6:9; 29:10; Yeg 12:2; Mat 13:14,15; Yog 12:40; Rom 11:8}
- 5 Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn gelei; julle klere het aan julle nie verslyt nie en julle skoene het nie verslyt aan julle voete nie.
- 6 Julle het nie brood geëet of wyn en sterk drank gedrink nie sodat julle kan weet dat Ek, יהוה, julle God is.
- 7 Toe julle by hierdie plek aangekom het, het Sigon, die koning van Heshbon en 'Og, die koning van Bashan, uitgekom om ons te ontmoet in geveg, maar ons het hulle verslaan
- 8 en hulle land gevat en dit as erfenis gegee aan die Re'uveniete, Gadiete en aan die halwe stam van die M'nashiete.
- 9 Hou dus die woorde van hierdie verbond om dit te doen sodat julle voorspoedig kan wees in alles wat julle doen.

- 10 Julle staan vandag, almal van julle, voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God: julle hoofde, julle stamme, julle oudstes en julle ampsdraers, al die manne van Yisra'el;
- 11 julle kinders, julle vroue en die vreemdeling wat binne-in julle kampe is, van die een wat jou hout kap tot die een wat jou water uittrek
- 12 sodat julle kan intree in die verbond met יהוה, julle God en in Sy eed, wat יהוה, julle God, vandag met julle sluit
- 13 sodat Hy julle vandag as Sy volk kan bevestig en jul God kan wees soos Hy met jul gepraat het en soos Hy aan jul vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het.
- 14 Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie,
- 15 maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie,
- 16 want julle weet hoe ons in die land van Mitzrayim gebly het en hoe ons dwarsdeur die nasies gekom het waardeur julle getrek het.
- 17 Meer nog, julle het hulle verwerplikhede en hulle afgode van hout, klip, silwer en goud, by hulle gesien
- 18 sodat daar onder julle geen man of vrou of familie of stam mag wees wat sy verstand, wil en emosie vandag van יהוה, ons God, wegdraai om die gode van daardie nasies te gaan dien nie sodat daar onder julle geen wortel mag wees wat giftige vrugte en wilde-als dra nie. Yir 9:14; 23:15; Rom 11:16; Heb 12:15; Open 8:11
- 19 Dit sal wees wanneer hy die woorde van hierdie vloek hoor dat hy sal grootpraat deur te sê: 'Ek het vrede, alhoewel ek in die hardkoppigheid van my verstand, wil en emosie leef, om so die natgemaakte land saam met die droë te vernietig!'
- 20 יהוה sal nooit gewillig wees om hom te vergewe nie, maar die woede en die jaloesie van יהוה sal eerder teen dié man brand en elke vloek wat in hierdie boek geskrywe is, sal op hom rus en יהוה sal sy naam van onder die hemel uitwis. Heb 6:4-6
- 21 Dan sal יהוה hom afskei van al die stamme van Yisra'el vir moeilikheid, volgens al die vloeke van die verbond, wat in hierdie boek van die wet geskryf is.
- 22 Die volgende geslag, julle seuns, wat ná julle opstaan en die buitelanders wat uit 'n ver land kom, sal, wanneer hulle die plaas van die land sien en die siektes waarmee יהוה dit getref het, sê:
- 23 'Die hele land is swawel en sout, 'n brandende verkwisting, onbesaai en onvrugbaar, waarin geen gras groei nie, soos die omverwerping van S'dom, 'Amorah, Admah en Tzvoyim, wat יהוה in Sy woede en in Sy wraak omvergewerp het.'
- 24 Al die nasies sal sê: 'Waarom het יהוה so met hierdie land gedoen? Waarom die groot uitbarsting van woede?'
- 25 Dan sal hulle antwoord: 'Omdat hulle die verbond van יהוה, die God van hulle vaders, verlaat het, wat Hy met hulle gesluit het toe Hy hulle uit Mitzrayim uitgelei het.
- 26 Hulle het ander gode gaan dien en hulle aanbid, gode wat hulle nie geken het nie en wat Hy hulle nie aangewys het nie.
- 27 Die woede van יהוה het daarom teen daardie land gebrand, om elke vloek op dit te bring wat in hierdie boek geskryf is

28 en יהוה het hulle ontwortel uit hulle land uit in toorn, in woede en in groot wraak en hulle in 'n ander land gegooi, soos dit vandag is.

29 Die geheime dinge behoort aan יהוה, ons God, ^{Hand 1:7} maar die geopenbaarde dinge behoort aan ons en ons seuns tot in ewigheid dat ons al die woorde van hierdie wet moet hou.

30 1 So sal dit wees as al hierdie dinge oor jou gekom het, die seën en die vloek, wat ek jou voorgehou het en jy hulle onthou onder al die nasies waarheen יהוה, jou God, jou verban het

2 en jy terugdraai na יהוה, jou God en Hom gehoorsaam met jou hele verstand, wil en emosie en jou gees, volgens alles wat ek jou vandag beveel, jy en jou seuns,

3 dan sal יהוה, jou God, jou herstel uit gevangenskap en vir jou omgee en jou weer bymekaarmaak uit al die volke waarheen יהוה, jou God, jou verstrooi het.

4 As jou verstrooides aan die einde van die aarde is, van daar sal יהוה, jou God, jou bymekaarmaak en van daar sal Hy jou terugbring.

5 יהוה, jou God, sal jou bring in die land wat jou vaders besit het en jy sal dit besit en Hy sal jou voorspoedig maak en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.

6 Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, ^{Yir 4:4; Kol 2:11} om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. ^{Mar 12:30,33; Luk 10:27}

7 יהוה, jou God, sal al hierdie vloeke op jou vyande laat kom, hulle wat jou haat en jou vervolg.

8 Jy sal יהוה weer gehoorsaam en al Sy opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel.

9 Dan sal יהוה, jou God, jou oorfloediglik voorspoedig maak in al die werk van jou hand, in die nakomeling van jou liggaam, in die nakomeling van jou vee en in die lewering van jou grond, want יהוה sal weer ten goede oor jou bly wees soos Hy bly was oor jou vaders,

10 as jy gehoorsaam is aan יהוה, jou God, om al Sy opdragte en voorskrifte na te kom wat in hierdie boek van die wet geskryf is; as jy na יהוה, jou God, toe draai met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees,

11 want hierdie opdrag wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te swaar nie en is nie buite bereik nie. ^{1 Yog 5:3,4; Rom 10:8}

12 Dit is nie in die hemel sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die hemel toe opgaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?' nie.

13 Dit is ook nie oorkant die see sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?' nie,

14 maar die woord is baie naby aan jou, in jou mond en in jou verstand sodat jy dit kan doen. ^{Rom 10:6-8}

15 Let op, ek het jou vandag die lewe en voorspoed en die dood en moeilikheid, voorgehou;

16 deurdat ek jou vandag beveel om יהוה, jou God, lief te hê, in Sy paaie te loop, Sy opdragte, voorskrifte en regverdige oordele te doen sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en יהוה, jou God, jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit te besit, ^{Yog 14:15; 15:14}

- 17 maar as jou verstand, wil en emosie wegdraai en jy nie wil gehoorsaam nie, maar weggetrek word en ander gode aanbid en hulle dien,
 18 dan verkondig ek vandag aan julle dat julle sekerlik sal omkom. Julle sal nie jul dae verleng in die land waarheen jul oor die Yarden trek, om dit te besit nie.
 19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,
 20 deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gag en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”

- 31** 1 Moshéh het gegaan en hierdie woorde met die hele Yisra'el gedeel
 2 en vir hulle gesê: “Ek is vandag honderd-en-twintig jaar oud; ek is nie langer in staat om te kom of te gaan nie en יהוה het vir my gesê: ‘Jy sal nie oor hierdie Yarden gaan nie.’
 3 Dit is יהוה, jou God, wat voor jou sal oorgaan; Hy sal hierdie nasies voor jou uit vernietig en jy sal hulle onteien. Y'hoshua is die een wat voor julle sal oorgaan, net soos יהוה gesê het.
 4 יהוה sal met hulle doen soos Hy met Sigon en met 'Og, die konings van die Emoriete en met hulle land gedoen het, toe Hy hulle vernietig het.
 5 יהוה sal hulle voor julle oorgee en julle moet met hulle doen volgens al die opdragte wat ek julle beveel het.
 6 Wees onveranderlik sterk en dapper; moenie vir hulle bang wees of bewe nie, want יהוה, jou God, is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie.” Deut 4:31; Y'ho 5:13; Heb 13:5
 7 Toe het Moshéh na Y'hoshua geroep en vir hom voor die oë van die hele Yisra'el gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal saam met hierdie volk in die land ingaan, wat יהוה aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee en jy sal dit vir hulle gee as 'n erfenis.
 8 יהוה is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie.”
 9 Moshéh het hierdie wet neergeskryf en dit aan die priesters, die seuns van Levi, gegee wat die verbondsark van יהוה gedra het en aan al die oudstes van Yisra'el.
 10 Toe het Moshéh hulle beveel en gesê: “Aan die einde van elke sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding van skuld, by die Fees van Hutte (Sukkot),
 11 wanneer die hele Yisra'el kom om te verskyn voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat Hy sal kies, moet jy hierdie wet voor die hele Yisra'el lees, waar hulle kan hoor.
 12 Laat die volk bymekaarkom, die manne, die vroue, die kinders en die vreemdeling wat in jou dorpe is sodat hulle kan hoor, kan leer en יהוה, julle God, respekvol kan vrees en wees versigtig om al die woorde van hierdie wet te hou.

- 13 Hulle seuns wat dit nie geken het nie, moet hoor en leer om יהוה, julle God, respektvol te vrees solank as wat julle lewe in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit.”
- 14 Toe het יהוה vir Mosheh gesê: “Let op, die tyd vir jou om te sterf is naby; roep vir Y’hoshua en meld julleself aan by die Tent van Ontmoeting sodat Ek hom kan aanstel.” Mosheh en Y’hoshua het gegaan en hulleself gaan aanmeld by die Tent van Ontmoeting.
- 15 יהוה het in die tent verskyn in ’n wolkpilaar en die wolkpilaar het by die ingang van die tent gestaan.
- 16 יהוה sê vir Mosheh: “Let op, jy is op die punt om by jou vaders te gaan lê en hierdie volk sal opstaan en die hoer speel met die vreemde gode van die land waartussen hulle ingaan en My verlaat en My verbond verbreek wat Ek met hulle gesluit het.
- 17 Dan sal My woede op dié dag teen hulle aan die brand gesteek word en Ek sal hulle verlaat en My gesig vir hulle wegsteek en hulle sal verteer word en baie booshede en moeilikhede sal oor hulle kom sodat hulle op dié dag sal sê: ‘Is dit nie omdat ons God nie tussen ons is dat hierdie booshede oor ons gekom het nie?’,
- 18 maar Ek sal op dié dag My gesig sekerlik wegsteek weens al die boosheid wat hulle sal doen, want hulle sal na ander gode afdraai. ^{Yeg 20; 39:23-24}
- 19 Skryf daarom nou hierdie lied vir julleself en leer dit vir die seuns van Yisra’el; sit dit op hulle lippe sodat hierdie lied vir My ’n getuie teen die seuns van Yisra’el kan wees,
- 20 want wanneer Ek hulle inbring in die land wat vloei met melk en heuning, wat Ek aan hulle vaders met ’n eed beloof het en hulle geëet het, versadig is en voorspoedig word; dan sal hulle afdraai na ander gode en dié dien en hulle sal My verwerp met veragting en My verbond verbreek;
- 21 dan sal dit gebeur dat, wanneer baie booshede en moeilikhede oor hulle kom, hierdie lied voor hulle sal getuig as ’n getuie, want dit sal nie vergeet word op die lippe van hulle nageslag nie, want Ek ken hulle bedoeling, wat hulle vandag ontwikkel, voordat Ek hulle ingebring het in die land wat Ek met ’n eed beloof het.”
- 22 Mosheh het hierdie lied op dieselfde dag geskryf en dit vir die seuns van Yisra’el geleer.
- 23 Toe het Hy Y’hoshua, die seun van Nun, aangestel en gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal die seuns van Yisra’el inbring in die land wat Ek hulle met ’n eed beloof het en Ek sal by jou wees.”
- 24 Dit het gebeur toe Mosheh die woorde van hierdie wet klaar in ’n boek geskryf het totdat hulle volledig was,
- 25 dat Mosheh die Leviete, wat die verbondsark van יהוה gedra het, bevel gegee en gesê het:
- 26 “Wat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as ’n getuie teen jou,
- 27 want ek ken jul rebellie en jul hardkoppigheid. Let op, terwyl ek nog by julle lewe vandag, was julle rebels teen יהוה, hoeveel te meer dan ná my dood!

- 28 Vergader by my al die oudstes van julle stamme en julle leiers sodat ek hierdie woorde kan sê waar hulle kan hoor en die hemele en die aarde as getuies teen hulle kan roep,
- 29 want ek weet dat julle ná my dood korrupt sal optree en sal wegdraai van die pad wat ek julle beveel het en wetsoortreding sal oor julle kom in die laaste dae omdat julle sal doen wat boos is in die oë van יהוה en Hom tot woede aanhits met die werk van julle hande.”
- 30 Toe het Mosheh, waar die hele vergadering van Yisra'el hom kon hoor, die woorde van hierdie lied uitgespreek tot die einde toe.
- 32** ¹ “Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.
- 2 Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie,
- 3 want ek verkondig die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה; reken grootheid toe aan ons God!
- 4 Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Oprek is Hy. ^{Rom 9:14}
- 5 Hulle het afbrekend teenoor Hom gehandel; hulle is nie Sy seuns nie, as gevolg van hulle onreinheid, maar is 'n valse en verdraaide geslag.
- 6 Betaal julle יהוה so terug, o dwase en onwyse volk? Is Hy nie jou Vader wat jou gekoop het nie? Het Hy jou nie gemaak en jou bevestig nie?
- 7 Onthou die ou dae, beskou die jare van alle geslagte. Vra jou vader en hy sal jou inlig, jou oudstes en hulle sal jou vertel.
- 8 Toe Elyon (die Allerhoogste) aan die nasies hulle erfdeel gegee het, toe Hy die seuns van die mens van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die seuns van Yisra'el,
- 9 want יהוה se deel is Sy volk, Ya'akov is die toewysing van Sy erfenis.
- 10 Hy het hom gevind in 'n woestynland, in 'n woeste gehuil van 'n wildernis. Hy het hom omring, vir hom omgee, hom bewaak soos die appel van Sy oog;
- 11 soos 'n arend wat Sy nes opbreek, oor Sy kleintjies sweef, Sy vlerke oopsprei en hulle vang; hulle dra op Sy vlerke.
- 12 יהוה alleen het hom gelei en daar was geen vreemde god by hom nie.
- 13 Hy het hom laat ry op die hoë plekke van die aarde en hy het die opbrengs van die veld geëet; Hy het hom heuning uit die rots laat suig en olie uit die harde rots;
- 14 dikmelk vanaf beeste en melk vanaf kleinvee, met die vet van lammers, ramme van Bashan en bokke, met die fynste van die koring en van die bloed van druiwe het jy wyn gedrink,
- 15 maar Yeshurun het vet geword en geskop; hy het vet, dik en blink geword; toe het hy die God verwerp wat hom gemaak het en die Rots van sy verlossing geminag.
- 16 Hulle het Hom jaloers gemaak met vreemde gode; deur verwerplikhede het hulle Hom uitgetart tot woede.
- 17 Hulle het aan demone geoffer, wat nie God is nie, aan gode wat hulle nie geken het nie; nuwes wat onlangs gekom het, vir wie julle vaders nie bang was nie.

- 18 Die Rots wat jou verwek het, het jy verwaarloos en jy het die Magtige God vergeet wat aan jou geboorte gegee het.
- 19 יְהוָה het dit gesien en Hy het hulle verwerp as gevolg van die uittarting van Sy seuns en dogters.
- 20 Toe het Hy gesê: “Ek sal My gesig vir hulle wegsteek, Ek sal sien wat hulle einde sal wees, want hulle is ’n verdorwe geslag, seuns in wie geen vertrouenswaardigheid is nie.
- 21 Hulle het My jaloers gemaak met wat nie God is nie, My uitgetart tot woede met hulle afgode. Ek sal hulle dus jaloers maak met dié wat nie ’n volk is nie, deur ’n dwase nasie sal Ek hulle uittart tot woede,^{Rom 10:19; 11:11}
- 22 want ’n vuur is aangesteek in My woede en brand tot in die laagste dele van Sh’ol, dit het die aarde met sy opbrengs verteer en die fundamente van die berge aan die brand gestee.
- 23 Ek sal booshede op hulle ophoop; My pyle sal Ek op hulle gebruik.
- 24 Hulle sal uitgeput wees van honger en verteer deur plaë en bitter vernietiging. Ek sal die tande van wilde diere teen hulle stuur met die gif van dinge wat in die stof kruip.
- 25 Buitekant sal die swaard beroof en binne die angs; die jongman, sowel as die maagd, die suigeling saam met die grysaard.
- 26 Ek sou gesê het: ‘Ek sal hulle aan stukke sny, hulle gedagtenis onder die mense verwyder,’
- 27 as dit nie was dat die woede van die vyand sal sê dat hy sterk geword het nie en die teëstanders sal sê: ‘Ons hand was triomfantlik en יְהוָה het dit nie alles gedoen nie,’ sou ek hulle vernietig het,
- 28 want hulle is ’n nasie sonder planne en daar is geen begrip in hulle nie.
- 29 Was hulle maar wys dat hulle hierdie sou verstaan dat hulle hul toekoms kon onderskei.
- 30 Hoe kan een ’n duisend jaag en twee tien duisend laat vlug, was dit nie dat hul Rots hulle verkoop en יְהוָה hulle oorgelewer het nie?
- 31 Inderdaad is hulle rots nie soos ons Rots nie; selfs ons vyande oordeel so,
- 32 want hulle wingerdstok is van die wingerdstok van S’dom en uit die veld van `Amorah. Hulle duiwe is duiwe van gif, hulle trosse bitter.
- 33 Hulle wyn is die gif van slange en dodelike gif van kobras.
- 34 Is dit nie by My gestoor, in My skatkamers verseël nie?
- 35 Wraak en die terugbetaling is Myne. Kort voor lank sal hulle voet gly, want die dag van hulle ondergang is naby en wat oor hulle moet kom, haas op hulle af,
- 36 want יְהוָה sal Sy volk vryspreek en Hy sal omgee hê vir Sy diensknegte wanneer Hy sien dat hulle krag weg is en daar niemand, gebind of vry, oor is nie.
- 37 Dan sal Hy sê: “Waar is hulle gode, die rots waar hulle skuiling gesoek het?
- 38 Wie het die vet van hulle slagoffers geëet en die wyn van hulle drankoffer gedrink? Laat hulle opstaan en julle help, laat hulle julle skuilplek wees!
- 39 Sien nou, Ek Is Hy en daar is geen god naas My nie. Dit is Ek wat doodmaak en lewe gee. Ek het gewond en dit is Ek wat genees en daar is niemand wat uit My hand kan red nie.

- 40 Inderdaad, Ek lig My hand op na die hemele en sê: ^{Open 10:6} ‘So waar as wat Ek ewig leef,
- 41 as Ek My glinsterende swaard skerp maak en My hand na regverdige oordeel gryp, sal Ek wraak uitoefen op My teëstanders en My haters terugbetaal. ^{Rom 12:19}
- 42 Ek sal My pyle dronk maak met bloed en My swaard sal vlees verteer met die bloed van die verslaande en die gevangene, vanaf die langhaar leiers van die vyand.’
- 43 Skreeu uit van vreugde, O nasies, saam met Sy volk, ^{Rom 15:10} want Hy sal die bloed van sy diensknegte vergeld, wraak uitoefen op Sy teëstanders en toedekking doen vir Sy land en Sy volk.”
- 44 Toe het Mosheh gekom en al die woorde van hierdie lied gesê waar die volk kon hoor, hy, saam met Y’hoshua, die seun van Nun.
- 45 Toe Mosheh al hierdie woorde klaar vir die hele Yisra’el gesê het,
- 46 het hy vir hulle gesê: “Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet,
- 47 want dit is nie ’n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit.
- 48 יהוה het op dieselfde dag met Mosheh gepraat en gesê:
- 49 “Gaan op die berg N’vo, in hierdie `Avarim bergreeks, wat in die land van Mo’av is, oorkant Yerigo en kyk na die land Kena’an, wat Ek vir die seuns van Yisra’el as besitting gee
- 50 en sterf op die berg waarheen jy opklim en word bymekaargemaak by jou volksgenote, soos jou broer Aharon gesterf het op die berg Hor en by sy volksgenote bymekaar gemaak is
- 51 omdat julle onder die seuns van Yisra’el vertrou met My gebreek het by die waters van M’rivat-Kadesh, in die wildernis van Tzin omdat julle My nie as afgesonderd behandel het tussen die seuns van Yisra’el nie,
- 52 want jy sal die land op ’n afstand sien, maar jy sal nie daarheen gaan nie, na die land wat Ek aan die seuns van Yisra’el gee.”
- 33** 1 Hierdie is die seën waarmee Mosheh, die man van God, die seuns van Yisra’el geseën het voor sy dood.
- 2 Hy het gesê: “יהוה het vanaf Sinai gekom en geskyn oor ons vanaf Se’ir; Hy het opgestaan vanaf die berg Pa’ran en gekom met tien duisende afgesonderdes aan Sy regterhand.
- 3 Inderdaad, Hy het in hulle behoeftes voorsien en hulle geliefd gemaak onder die nasies. Hy het al Sy afgesonderdes geseën en hulle het naby, in U voetspore, gevolg; elkeen het U boodskappe ontvang.
- 4 Mosheh het aan ons die wet oorgedra, ’n besitting vir die vergadering van Ya’akov.
- 5 Hy is Koning in Yeshurun, toe die hoofde van die volk bymekaargekom het, die stamme van Yisra’el saam.
- 6 Mag Re’uven leef en nie sterf nie en sy manne ook nie min wees nie.”

- 7 Hierdie is die seën vir Y'hudah: "Hoor, O יְהוּדָה, die stem van Y'hudah en bring hom naby sy mense; met sy hande het hy vir hulle baklei en mag U vir hom 'n Hulp wees teen sy teëstanders."
- 8 Van Levi het hy gesê: "Laat U afgesonderdheid en U lig behoort aan die regverdige een, wat U bewys het deur toetsinge en wat U getoets het by die waters van M'rivah;
- 9 wat van sy vader en sy moeder gesê het: 'Ek het hulle nie in ag geneem nie' en sy broers nie erken het en sy seuns nie geag het nie, want hulle het U woord bewaar en U verbond gehou.
- 10 Hulle sal U regverdige oordele vir Ya'akov leer en U wet vir Yisra'el. ^{Yeg 44:23} Hulle sal reukwerk voor U plaas as U kwaad is en heel brandoffers op U altaar.
- 11 O, יְהוּדָה, seën sy wese en aanvaar die werk van sy hande; verpletter die lendene van die wat teen hom opstaan en die wat hom haat sodat hulle nie weer kan opstaan nie."
- 12 Van Binyamin het hy gesê: "Mag die een waarvoor יְהוּדָה lief is, veilig by Hom loop, wat die hele dag 'n skild om hom sit en woon tussen Sy skouers."
- 13 Van Yosef het hy gesê: "Laat sy land geseënd wees deur יְהוּדָה met die keur van die hemel, met die dou en vanuit die diep wat onder lê,
- 14 met die keur wat deur die son voortgebring word, met die keur lewering van die maande,
- 15 met die beste dinge van die antieke berge, met die keur van die ewige heuwels,
- 16 met die beste dinge van die aarde en sy volheid en die guns van Hom wat in die bos gebly het. Laat dit kom op die kop van Yosef en op die kroon van die een wat uitgestaan het onder sy broers.
- 17 Soos die eersgeborene van sy stier is majesteit syne en sy horings is die horings van die wilde bul (Aurops); daarmee sal hy die volke stoot, almal gelyk, na die eindes van die aarde. Hulle is die tien duisende van Efrayim en dit is die duisende van M'nasheh!"
- 18 Van Z'vulun het hy gesê: "Verheug jou, Z'vulun, as jy uitgaan en Yissakhar, in jou tente.
- 19 Hulle sal volke na die berg roep; daar sal hulle offers van onpartydige opregtheid offer, want hulle sal die oorvloed van die see optrek en die weggesteelte skatte van die sand."
- 20 Van Gad het hy gesê: "Geseënd is Hy wat Gad groter maak; hy gaan lê soos 'n leeu en verskeur die arm en die kroon van die kop.
- 21 Toe het hy die eerste deel vir homself voorsien, want daar was die heerser se deel gereserveer en hy het gekom met die leiers van die volk, hy het die regverdige oordeel van יְהוּדָה uitgevoer en Sy oordele met Yisra'el."
- 22 Van Dan het hy gesê: "Dan is 'n leeuwelpie wat uitspring uit Bashan."
- 23 Van Naftali het hy gesê: "O Naftali, versadig met guns en vol van die seën van יְהוּדָה, neem besit van die see en die suide!"
- 24 Van Asher het hy gesê: "Asher is meer geseënd as seuns; laat hy die gunsteling van sy broers wees en mag hy sy voet in olie insteek.
- 25 Jou skoene sal yster en koper wees en volgens jou dae, so sal jou kragte wees.

- 26 Daar is niemand soos die God van Yeshurun, wat die hemele ry tot jou hulp en deur die lug in Sy majesteit, nie.
- 27 In die hemel van hemele is die blyplek van God van ewigheid af en benede skep Hy die mens. Hy sal die vyand voor jou uit vernietig, want Hy het gesê: 'Vernietig!'
- 28 Yisra'el sal alleen in veiligheid loop, die fontein van Ya'akov in afgesonderdheid, in 'n land van graan, wyn en olie; Sy hemele laat ook dou afdrup.
- 29 Geseënd is jy, O Yisra'el! Wie is soos jy? 'n Volk wie se redding deur יהוה volgehou word. God is jou hulp en jou trots is nie in die swaard nie. Jou vyande sal valslik teenoor jou optree, maar jy sal op hulle nekke trap."
- 34** 1 Mosheh het opgegaan uit die vlaktes van Mo'av na die berg N'vo, na die top van Pisgah, wat oorkant Yerigo lê en יהוה het hom die hele land, van Gil'ad tot so ver as Dan laat sien,
- 2 die hele Naftali, die land van Efrayim en M'nasheh en die hele land van Y'udah tot by die Westelike See,
- 3 die Negev (Suidland) en die vlakte in die vallei van Yerigo, die Palmstad, tot by Zoar.
- 4 Toe sê יהוה vir hom: "Hierdie is die land wat Ek aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het met die woorde: 'Ek sal dit aan jou nageslag gee;' Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal nie daarheen gaan nie."
- 5 Mosheh, die dienskneg van יהוה, het daar gesterf, in die land van Mo'av, volgens die woord van יהוה.
- 6 Hy het hom in die vallei, in die land van Mo'av, oorkant Beit-P'or, begrawe, maar niemand ken die plek waar hy begrawe is, tot vandag toe nie.
- 7 Alhoewel Mosheh een honderd en twintig jaar oud was toe hy dood is, was sy oog nie dof nie en sy fisiese krag en gesondheid het nie afgeneem nie.
- 8 Die seuns van Yisra'el het vir dertig dae lank oor Mosheh gehuil in die vlaktes van Mo'av en toe het die dae van die gehuil en van rou oor Mosheh ten einde gekom.
- 9 Y'hoshua, die seun van Nun, was vol van die Gees van wysheid, ^{Yes 11:2} want Mosheh het hom die hande opgelê en die seuns van Yisra'el het na hom geluister en gedoen soos יהוה Mosheh beveel het.
- 10 Sedert daardie tyd, het daar geen profeet soos Mosheh, in Yisra'el opgestaan, vir wie יהוה van gesig tot gesig geken het nie,
- 11 vir al die tekens en wonders wat יהוה hom gestuur het om in die land van Mitzrayim aan Farao en aan al sy dienaars en sy hele land te doen
- 12 en vir al die magtige krag en al die groot, verskriklike dade wat Mosheh voor die oë van die hele Yisra'el gedoen het.

Die Pad van Waarheid tot die Lewe

Die Profete

נביאים - Nevi'im

'n Afrikaanse vertaling vanaf die Hebreeuse en Aramese Tanakh met
verwysing na die Griekse Septuagint (LXX).

Die derde druk

Die sesde boek van die Verbond (Tanakh)

Die eerste boek van die Profete

Die eerste boek van die Vroeëre Profete

Y'hoshua

(Josua)

(יהושע - יהוה is verlossing)

Die titel is nie 'n bewys van outeurskap nie, maar van inhoud. Dit is bes moontlik, volgens Joodse tradisie, geskryf deur Y'hoshua, behalwe die laaste verse.

- 1 1 Nou het dit gebeur, ná die dood van Mosheh, die kneg van יְהוָה, dat יְהוָה met Y'hoshua, die seun van Nun, die dienaar van Mosheh, gepraat en gesê het:
- 2 "My kneg Mosheh is dood; staan daarom op, trek deur hierdie Yarden, jy en al hierdie mense, na die land wat Ek aan hulle, aan die seuns van Yisra'el, gee.
- 3 Elke plek waarop die sool van jou voet trap, dit gee Ek aan jou, net soos Ek met Mosheh gepraat het.
- 4 Vanaf die wildernis en hierdie L'vanon, selfs tot by die groot rivier, die Eufraatrivier, die hele land van die Hittiete en so ver as die Groot See, waar die son ondergaan, sal julle grondgebied wees.
- 5 Niemand sal voor jou kan staan, al die dae van jou lewe, nie; net soos Ek met Mosheh was, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie. ^{Heb 13:5}
- 6 Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal aan hierdie volk die land as besitting gee wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.
- 7 Wees net onveranderlik sterk en baie dapper. ^{Deut 31:7} Wees versigtig om te doen volgens die hele wet wat Mosheh, My kneg, jou beveel het; moenie regs of links daarvan afdraai nie sodat jy sukses kan hê, waar jy ook al mag gaan. ^{Ps 1:3}
- 8 Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. ^{Ps 1:2}
- 9 Het Ek jou nie beveel nie? Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bewe of mismoedig wees nie, want יְהוָה, jou God, is met jou, ^{Deut 31:8; 1 Kro 22:16} waar jy ook al heengaan."
- 10 Toe het Y'hoshua aan die offisiere van die volk bevel gegee en gesê:
- 11 "Gaan deur die kamp en beveel die volk en sê: 'Berei vir julle padkos voor, want binne drie dae moet julle deur hierdie Yarden trek om in te gaan om die land in besit te neem wat יְהוָה, julle God, aan julle gee, om dit in besit te neem.'"
- 12 Aan die Re'uveniete en Gadiete en die halwe stam van M'nasheh het Y'hoshua gesê:
- 13 "Onthou die woord wat Mosheh, die kneg van יְהוָה, julle beveel het toe hy gesê het: 'יְהוָה, julle God, gee aan julle rus en sal hierdie land aan julle gee.'
- 14 Julle vroue, julle kinders en julle vee moet in die land wat Mosheh julle oorkant die Yarden gegee het, bly, maar julle, al die onverskrokke soldate, moet gewapend voor julle broers deurtrek en hulle help
- 15 totdat יְהוָה aan julle broers, soos aan julle, rus gee en hulle ook die land in besit neem wat יְהוָה, julle God, aan hulle gee; dan moet julle teruggaan na die land van julle besitting en dit as erfenis ontvang, die land wat Mosheh, die kneg van יְהוָה, julle gegee het oorkant die Yarden, waar die son opkom."
- 16 Hulle het Y'hoshua geantwoord en gesê: "Alles wat u ons beveel het, sal ons doen en oral waarheen u ons stuur, sal ons gaan.
- 17 Net soos ons Mosheh gehoorsaam het in alles, so sal ons u gehoorsaam; mag יְהוָה, u God, net met u wees soos Hy met Mosheh was.

18 Enige een wat teen u bevel rebelleer en u woorde nie gehoorsaam in alles wat u hom beveel nie, sal doodgemaak word; wees net onveranderlik sterk en dapper.”

- 2 1 Toe het Y'hoshua, die seun van Nun, in die geheim twee manne as verkenners uit Shitteem uitgestuur en gesê: “Gaan kyk na die land en veral Yerigo.” Hulle het gegaan en in die huis van 'n hoer, met die naam van Ragav, ingekom en daar gebly.
- 2 Dit is aan die koning van Yerigo vertel en gesê: “Let op, manne uit die seuns van Yisra'el het vannag hierheen gekom om die land te verken.”
- 3 Die koning van Yerigo het na Ragav gestuur om te sê: “Bring die manne uit wat na jou toe gekom het, wat in jou huis ingegaan het, want hulle het gekom om die hele land te verken.”
- 4 Die vrou het egter die twee manne gevat en hulle weggesteek en sy het gesê: “Ja, die manne het na my toe gekom, maar ek het nie geweet waar hulle vandaan was nie.
- 5 Dit het gebeur dat toe die poort met donker gesluit moes word, die manne uitgegaan het; ek weet nie waarheen die manne gegaan het nie; agtervolg hulle gou, want julle sal hulle inhaal.”
- 6 Sy het hulle egter opgevat na die dak toe en hulle weggesteek onder die vlasstingels wat sy op haar dak oopgegooi het.
- 7 Die manne het hulle toe agternagejaag in die rigting van die Yarden, na die driwwe; dadelik nadat hulle agtervolgers uitgegaan het, het hulle die hek gesluit.
- 8 Voordat hulle gaan slaap het, het sy op die dak geklim na hulle toe
- 9 en vir die manne gesê: “Ek weet dat יהוה die land aan julle gegee het en dat die verskrikking van julle op ons geval het en dat al die inwoners van die land weggesmelt het voor julle,
- 10 want ons het gehoor hoe יהוה die water van die Sufsee voor julle laat opdroog het toe julle uit Mitzrayim gekom het en wat julle aan die twee konings van die Emoriete, Sigon en 'Og, oorkant die Yarden gedoen het, wat julle heeltemal uitgewis het.
- 11 Toe ons dit hoor, het ons binneste gesmelt en geen moed het in enige man oorgebly as gevolg van julle nie, want יהוה, julle God: Hy is God bo in die hemel en onder op die aarde; ^{Deut 28:10}
- 12 daarom dan, sweer asseblief vir my by יהוה terwyl ek goedgunstig teenoor julle opgetree het, julle ook teenoor my vader se huishouding goedgunstig sal wees en vir my 'n teken van waarheid gee
- 13 dat julle die lewe van my vader, moeder, broers en susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons lewens sal red van die dood.”
- 14 Die manne sê vir haar: “Ons lewe vir julle s'n, as julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie en dit sal wees dat wanneer יהוה aan ons die land gee, ons gunstig en getrou teenoor julle sal wees.”
- 15 Toe het sy hulle met 'n tou deur die venster laat afsak, want haar huis was op die stadsmuur; dus het sy op die muur gebly.
- 16 Sy het vir hulle gesê: “Gaan na die bergland sodat julle agtervolgers julle nie raakloop nie en steek julle daar vir drie dae lank weg totdat die agtervolgers terugkom; daarna kan julle verder gaan.”

- 17 Die manne sê vir haar: "Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het,
- 18 as jy nie, wanneer ons die land inkom, hierdie koord van rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind nie; jy moet ook jou vader, moeder, broers en jou vader se hele huishouding by jou in die huis versamel.
- 19 Dit sal wees dat elkeen wat by die deure van jou huis na die straat toe uitgaan, dié se bloed sal op sy eie kop wees en ons onskuldig, maar elkeen wat by jou in die huis is, dié se bloed sal op ons kop wees, as 'n hand op hom is,
- 20 maar as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons vry wees van die eed wat jy ons laat sweer het."
- 21 Sy antwoord: "Volgens julle woorde, laat dit so wees." Sy het hulle weggestuur en hulle het vertrek en sy het die rooi lyn aan die venster vasgebind.
- 22 Hulle het vertrek en in die bergland gekom en drie dae lank daar gebly totdat die agtervolgers teruggekom het. Nou, die agtervolgers het hulle oral op die pad gesoek, maar nie gekry nie.
- 23 Toe het die twee manne teruggegaan en van die bergland afgekom en oorgegaan en by Y'hoshua, die seun van Nun, gekom en hom alles vertel wat met hulle gebeur het.
- 24 Hulle het vir Y'hoshua gesê: "Sekerlik het יהוה die hele land in ons hand gegee, meer nog, al die inwoners van die land smelt voor ons weg."
- 3** 1 Toe het Y'hoshua die oggend vroeg opgestaan en hy en al die seuns van Yisra'el het van Shitteem af weggetrek en by die Yarden gekom en daar oorgebly voordat hulle deurgetrek het.
- 2 Aan die einde van drie dae het die offisiere deur die kamp gegaan
- 3 en die volk beveel en gesê: "Wanneer julle die verbondsark van יהוה, julle God, sien en die Levitiese priesters wat hom dra, moet julle van jul plek af opbreek en agter hom aangaan
- 4 sodat julle die pad kan ken waarlangs julle moet trek, want julle het nie vroeër met dié pad getrek nie. Daar moet egter 'n afstand van omtrent twee duisend el tussen julle en hom wees. Moenie naby dit kom nie."
- 5 Toe het Y'hoshua vir die volk gesê: "Sonder julleself af, want môre sal יהוה wonders onder julle doen."
- 6 Y'hoshua het met die priesters gepraat en gesê: "Tel die verbondsark op en gaan oor, voor die volk uit." Hulle het die verbondsark opgetel en voor die volk uit getrek.
- 7 Nou, יהוה het vir Y'hoshua gesê: "Vandag sal Ek begin om jou op te lig voor die oë van die hele Yisra'el sodat hulle kan weet dat Ek met jou sal wees net soos Ek met Mosheh was.
- 8 Jy moet ook die priesters wat die verbondsark dra beveel en sê: 'Wanneer julle aan die kant van die water van die Yarden kom, moet julle in die Yarden bly staan.'"
- 9 Toe sê Y'hoshua aan die seuns van Yisra'el: "Kom hier en hoor, luister en doen die woorde van יהוה, julle God."
- 10 Y'hoshua het gesê: "Hieraan sal julle weet dat daar 'n lewende God ^{Open 1:18} tussen julle is en dat Hy sekerlik die Kena'aniete, die Hittiete, die Hiviete, die P'riziete, die Gergashiete, die Emoriete en die Y'vusiete voor julle uit sal verdrywe:

- 11 let op, die ark van die verbond van die Meester van die hele aarde trek voor julle uit die Yarden in.
- 12 Vat nou vir julle twaalf manne uit die stamme van Yisra'el, een man uit elke stam.
- 13 Dit sal wees, wanneer die voetsole van die priesters wat die ark van יהוה, die Meester van die hele aarde, dra, in die water van die Yarden rus, die water van die Yarden afgesny sal word; die water wat van die bokant afkom sal op een hoop bly staan."
- 14 Toe die volk wegtrek uit hulle tente om deur die Yarden te gaan, met die priesters wat die ark van die verbond dra, voor die volk
- 15 en die draers van die ark by die Yarden kom en die priesters wat die ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, want die Yarden oorvloei beide sy walle, al die dae van die oes, het dit gebeur dat
- 16 die water wat van die bokant afvloei bly staan het en opgerys het in een hoop, baie ver weg by Adam, wat langs Tzartan lê en die wat afvloei na die See van die Vlakte ('Aravah), die Soutsee, is heeltemal afgesny. Die volk het oorkant Yerigo oorgetrek.
- 17 Die priesters wat die ark van die verbond van יהוה gedra het, het stewig op droë grond in die middel van die Yarden bly staan terwyl die hele Yisra'el op droë grond deurgetrek het totdat die hele volk klaar deur die Yarden getrek het.
- 4** 1 Toe die hele volk klaar deur die Yarden getrek het, het יהוה met Y'hoshua gepraat en gesê:
- 2 "Vat vir julle twaalf manne vanuit die volk, een man uit elke stam,
- 3 en beveel hulle en sê: 'Vat vir julle van hier, uit die middel van die Yarden, vanaf die plek waar die voete van die priesters stewig bly staan het, twaalf klippe en dra hulle saam met julle deur en sit dit neer in die blyplek waar julle vannag gaan oorbly.'"
- 4 Y'hoshua het die twaalf manne geroep wat hy uit die seuns van Yisra'el, een man uit elke stam, aangestel het
- 5 en Y'hoshua het vir hulle gesê: "Gaan weer oor na die ark van יהוה, julle God, binne-in die Yarden en tel elkeen 'n klip op op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die seuns van Yisra'el.
- 6 Laat dit 'n teken onder julle wees sodat wanneer julle kinders later vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe vir julle?'
- 7 dan moet julle vir hulle sê: 'Die water van die Yarden is afgesny voor die ark van die verbond van יהוה; toe ons deur die Yarden gegaan het, is die water van die Yarden afgesny.' Hierdie klippe is 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el vir ewig."
- 8 Die seuns van Yisra'el het gedoen soos Y'hoshua beveel het en het twaalf klippe uit die middel van die Yarden opgetel soos יהוה met Y'hoshua gepraat het, volgens die getal van die stamme van die seuns van Yisra'el en hulle het dit saam met hulle oorgedra na die plek waar hulle oorgebly het en dit daar neergesit.
- 9 Toe het Y'hoshua die twaalf klippe opgerig, wat hulle uit die middel van die Yarden gevat het, op die plek waar die voete van die priesters, wat die verbondsark gedra het, gestaan het en dit is daar tot vandag toe.

- 10 Die priesters, wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Yarden totdat alles voltooi was wat יהוה Y'hoshua beveel het om aan die volk te sê, volgens alles wat Moshah Y'hoshua beveel het en die volk het gou gemaak en deurgetrek
- 11 en toe die hele volk klaar deurgetrek het, het die ark van יהוה en die priesters voor die oë van die volk deurgegaan.
- 12 Die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het in volle wapenrusting voor die seuns van Yisra'el deurgetrek, net soos Moshah aan hulle gesê het.
- 13 Omtrent veertig duisend wat vir oorlog gewapen was, het voor die aangesig van יהוה na die vlaktes van Yerigo toe deurgetrek om te veg.
- 14 Op dié dag het יהוה Y'hoshua groot gemaak voor die oë van die hele Yisra'el sodat hulle hom respekvol gevrees het soos hulle Moshah respekvol gevrees het al die dae van sy lewe.
- 15 Nou het יהוה vir Y'hoshua gesê:
- 16 “Beveel die priesters wat die ark van die Getuienis dra dat hulle uit die Yarden uit opklim.”
- 17 Y'hoshua het daarop die priesters beveel en gesê: “Klim op uit die Yarden.”
- 18 Dit het gebeur dat, toe die priesters wat die ark van die verbond van יהוה gedra het, opklim uit die middel van die Yarden en die priesters se voetsole uitgelig is op droë grond, die water van die Yarden na hulle plek teruggekeer en soos vroeër oor albei sy walle geloop het.
- 19 Die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Yarden uit opgetrek en kamp opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike grens van Yerigo.
- 20 Daardie twaalf klippe wat hulle uit die Yarden gevat het, het Y'hoshua by Gilgal opgerig.
- 21 Hy het vir die seuns van Yisra'el gesê: “Wanneer julle kinders in die toekoms hulle vaders vra en sê: ‘Wat beteken hierdie klippe?’
- 22 dan moet julle julle kinders inlig en sê: ‘Op droë grond het Yisra'el deur hierdie Yarden getrek,
- 23 want יהוה, julle God, het die water van die Yarden voor julle uit laat opdroog totdat julle deurgetrek het, net soos יהוה, julle God, gedoen het met die Sufsee wat Hy voor ons uit opgedroog het totdat ons deurgetrek het
- 24 sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van יהוה magtig is sodat julle יהוה, julle God, ewig respekvol mag vrees.’”
- 5** 1 Dit het gebeur dat, toe al die konings van die Emoriete wat anderkant die Yarden na die weste was en al die konings van die Kena'aniete wat by die see bly, gehoor het dat יהוה die water van die Yarden voor die seuns van Yisra'el uit opgedroog het totdat hulle deurgetrek het, hulle binneste versmelt en daar in hulle geen gees meer was vanweë die seuns van Yisra'el nie.
- 2 In daardie tyd het יהוה vir Y'hoshua gesê: “Maak vir jou klipmesse en besny weer die seuns van Yisra'el vir die tweede keer.”
- 3 Y'hoshua het vir hom klipmesse gemaak en die seuns van Yisra'el besny by Giv'at-Ha'Aralot (die heuwel van die voorhuide).

- 4 Hierdie is die rede waarom Y'hoshua hulle besny het: die hele volk wat uit Mitzrayim uitgetrek het, wat mans was, al die krygsmanne, het op pad in die wildernis gesterf nadat hulle uit Mitzrayim gekom het,
- 5 want die hele volk wat uitgetrek het, is besny, maar al die mense wat op pad in die wildernis gebore is, soos hulle uit Mitzrayim gekom het, is nie besny nie,
- 6 want vir veertig jaar lank het die seuns van Yisra'el in die wildernis geloop totdat die hele volk, die krygsmanne wat uit Mitzrayim weggetrek het, dood is omdat hulle nie geluister het na die stem van יהוה nie; vir wie יהוה gesweer het dat Hy hulle die land nie sou laat sien wat יהוה hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie; 'n land wat vloei met melk en heuning.
- 7 Hulle seuns, wat Hy in hulle plek laat opstaan het; dié het Y'hoshua besny, want hulle was onbesnede omdat hulle nie op pad besny is nie.
- 8 Toe die hele volk klaar besny is, het hulle op hul plek in die kamp gebly totdat hulle gesond was.
- 9 Toe het יהוה vir Y'hoshua gesê: "Vandag het Ek die smaad van Mitzrayim van julle afgerol." Dié plek word daarom tot vandag toe Gilgal genoem.
- 10 Terwyl die seuns van Yisra'el by Gilgal gekamp het, het hulle die Pesag gehou met sonsondergang, op die veertiende dag van die maand, in die vlakte van Yerigo.
- 11 Op die dag ná die Pesag, op daardie presiese dag, het hulle van die opbrengs van die land geëet: ongesuurde brode en gebraaide graan.
- 12 Die dag nadat hulle van die opbrengs van die land geëet het, het die 'man hu' opgehou sodat die seuns van Yisra'el verder geen 'man hu' gehad het nie, maar hulle het geëet van die opbrengs van die land Kena'an in daardie jaar.
- 13 Dit het gebeur terwyl Y'hoshua by Yerigo was dat hy sy oë oplig en let op, daar het 'n man teenoor hom gestaan met sy getrekte swaard in sy hand en Y'hoshua het na hom toe gegaan en hom gevra: "Is jy vir ons of vir ons vyande?" ^{Deut 31:6}
- 14 Hy sê vir hom: "Ek is die Bevelvoerder van die leër van יהוה en nou het Ek hierheen gekom." Y'hoshua val op sy gesig op die grond en buig hom neer en vra vir Hom: "Wat het my Meester vir Sy dienskneg te sê?"
- 15 Die Bevelvoerder van die leër van יהוה sê vir Y'hoshua: "Verwyder jou sandale van jou voete af, want die plek waar jy staan, is afgesonderd." Y'hoshua het so gedoen.
- 6** 1 Yerigo was dig gesluit as gevolg van die seuns van Yisra'el; niemand het uitgegaan en niemand het ingegaan nie.
- 2 יהוה het vir Y'hoshua gesê: "Kyk, Ek het Yerigo met sy koning en dapper soldate in jou hand gegee.
- 3 Julle moet om die stad trek, al die krygsmanne; trek een maal om die stad; so moet jy doen vir ses dae lank.
- 4 Sewe priesters moet ook sewe ramshorings voor die ark dra. Dan, op die sewende dag moet julle sewe maal om die stad trek en die priesters moet op die horings blaas.

- 5 Dit sal wees, as julle die geluid van die horing hoor wanneer hulle 'n lang klank op die ramshoring blaas (Tekiah), die hele volk hard moet uitskreeu van vreugde en die stadsmuur sal plat inval en die volk moet ingaan, elke man reg vorentoe."
- 6 Y'hoshua, die seun van Nun, het die priesters geroep en vir hulle gesê: "Tel die verbondsark op en laat sewe priesters sewe ramshorings voor die ark van יהוה dra."
- 7 Toe het hy aan die volk gesê: "Gaan vorentoe en stap rondom die stad; laat die gewapendes voor die ark van יהוה uit marsjeer."
- 8 Dit het gebeur dat, toe Y'hoshua met die volk gepraat het, die sewe priesters, wat die sewe ramshorings voor יהוה gedra het, vorentoe gegaan en geblaas het op die horings en die ark van die verbond van יהוה het hulle gevolg.
- 9 Die gewapendes het voor die priesters wat op die horings geblaas het, uitgegaan en die agterhoede het agter die ark aan gekom terwyl hulle gedurig op die horings geblaas het.
- 10 Y'hoshua het die volk egter beveel en gesê: "Julle mag nie uitskree of julle stem laat hoor nie en geen woord mag uit julle mond uitgaan nie tot op die dag dat ek vir julle sê: 'Skreeu!' dan moet julle skreeu met vreugde."
- 11 So het hy die ark van יהוה om die stad gevat, een keer rondom; daarna het hulle in die kamp ingekom en die nag in die kamp deurgebring.
- 12 Y'hoshua het vroeg die oggend opgestaan en die priesters het die ark van יהוה opgetel.
- 13 Die sewe priesters wat die sewe ramshorings voor die ark van יהוה gedra het, het geloop en aanhoudend op die horings geblaas en die gewapendes het voor hulle geloop en die res van die menigte het agter die ark van יהוה aan gekom terwyl hulle voortgegaan het om op die horings te blaas.
- 14 So het hulle dan op die tweede dag een keer om die stad geloop en na die kamp teruggekeer. So het hulle vir ses dae lank gedoen.
- 15 Toe, op die sewende dag het hulle vroeg, met die breek van die dag, opgestaan en op dieselfde manier sewe maal om die stad geloop; net op dié dag het hulle sewe maal om die stad geloop.
- 16 Met die sewende keer, toe die priesters op die horings blaas, sê Y'hoshua vir die volk: "Skreeu van vreugde, want יהוה het die stad vir julle gegee!"
- 17 Die stad en alles wat daarin is, sal toegewy wees, dit behoort aan יהוה; slegs Ragav, die hoer en almal wat by haar in die huis is, mag lewe omdat sy die boodskappers wat deur ons gestuur is, weggesteek het.
- 18 Maar wat julle betref, hou julleself weg van die dinge wat toegewy is sodat julle dit nie begeer en van die toegewyde goed vat en die kamp van Yisra'el 'n vervloeking maak en moeilikheid daaroor bring nie.
- 19 Al die silwer, goud, koper en ystervoorwerpe is afgesonder tot יהוה: dit moet in die skatkamer van יהוה kom."
- 20 Die volk het geskreeu van vreugde en die priesters het op die horings geblaas. Dit het so gebeur dat toe die volk die klank van die horing hoor, die volk met 'n harde skreeu geskree het van vreugde en die muur het platgeval sodat die mense in die stad in opgegaan het, elkeen reg vorentoe en hulle het die stad oorgeneem.

- 21 Hulle het alles in die stad volkome vernietig deur die swaard; beide man, sowel as vrou, jonk, sowel as oud, bees en skaap en donkie.
- 22 Aan die twee manne wat die land verken het, het Y'hoshua gesê: "Gaan in die huis van die hoer en bring die vrou en almal wat aan haar behoort, daar uit, soos julle vir haar gesweer het."
- 23 Die jongmanne, wat spioene was, het ingegaan en Ragav met haar vader, haar moeder, haar broers en almal wat aan haar behoort, uitgebring; hulle het haar hele familie uitgebring en hulle buitekant die kamp van Yisra'el gesit.
- 24 Hulle het die stad met alles wat daarin was, met vuur verbrand; net die silwer, die goud, die koper en ystervoorwerpe het hulle in die skatkamer van die huis van יהוה gesit.
- 25 Y'hoshua het egter vir Ragav, die hoer en haar familie en almal wat aan haar behoort het, laat lewe en sy het tussen Yisra'el gewoon tot vandag toe omdat sy die boodskappers weggesteek het wat Y'hoshua gestuur het om Yerigo te verken.
- 26 Toe het Y'hoshua hulle in dié tyd laat sweer en gesê: "Vervloek is die man voor die aangesig van יהוה wat sal opstaan om hierdie stad Yerigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê en ten koste van sy jongste seun sal hy sy poorte insit." ^{1 Kon 16:34}
- 27 יהוה was met Y'hoshua en sy reputasie het deur die hele land versprei.
- 7** 1 Die seuns van Yisra'el het egter ontrou gehandel aangaande die dinge onder ban, want 'Akhan, die seun van Karmi, die seun van Zavdi, die seun van Zerag, van die stam van Y'udah, het van die bangoed gevat; daarom het die woede van יהוה ontbrand teen die seuns van Yisra'el.
- 2 Nou, Y'hoshua het manne van Yerigo af na 'Ai wat naby Beit-Aven, oos van Beit-El lê, gestuur en vir hulle gesê: "Gaan op en verken die land." Die manne het opgegaan en 'Ai verken.
- 3 Hulle het teruggekom na Y'hoshua toe en vir hom gesê: "Moenie al die manskappe laat opgaan nie; omtrent twee of drie duisend man kan opgaan na 'Ai; moenie al die manskappe daarheen vermoei nie, want hulle is min."
- 4 Omtrent drie duisend man het vanuit die volk daarheen opgegaan, maar hulle het gevlug voor die manne van 'Ai.
- 5 Die manne van 'Ai het omtrent ses en dertig van hulle mans doodgeslaan en hulle agtervolg van die poort af tot by Sh'varim en hulle op die afgaan verslaan; die binneste van die volk het versmelt en soos water geword.
- 6 Toe het Y'hoshua sy klere geskeur en met sy gesig op die grond geval voor die ark van יהוה, tot die aand toe, hy en die oudstes van Yisra'el en hulle het stof op hul koppe gegooi.
- 7 Y'hoshua het gesê: "Ag, Meester יהוה, waarom het U ooit hierdie volk oor die Yarden gebring om ons oor te gee in die hand van die Emoriete, om ons te vernietig? As ons maar gewillig was om oorkant die Yarden te bly!
- 8 Ag יהוה, wat kan ek sê aangesien Yisra'el die rug gedraai het voor hulle vyande,

- 9 want die Kena'aniete en al die inwoners van die land sal daarvan hoor en hulle sal ons omsingel en ons naam van die aarde af afsny en wat sal U vir U groot Naam doen?"
- 10 יְהוָה sê vir Y'hoshua: "Staan op, waarom het jy op jou gesig neergeval?
- 11 Yisra'el het gesondig en het ook My verbond oortree wat Ek hulle beveel het. Hulle het selfs van die bangoed gevat en beide gesteel en mislei. Meer nog, hulle het dit ook by hulle eie goed gesit;
- 12 daarom kan die seuns van Yisra'el nie staan voor hulle vyande nie. Hulle draai hul rug voor hulle vyande, want hulle het 'n vloek op hulle. Ek sal nie meer met julle wees tensy julle die bangoed onder julle uit vernietig nie.
- 13 Staan op! Sonder die volk af en sê: 'Sonder julleself af vir môre, want so sê יְהוָה, die God van Yisra'el: "Daar is bangoed in jou midde, O Yisra'el! Julle kan nie standhou voor jul vyande totdat julle die bangoed onder julle uit verwyder het nie".'
- 14 Kom dan môre vroeg nader volgens julle stamme en die stam wat יְהוָה deur die lot aanwys, moet naderkom volgens families en die familie wat יְהוָה aanwys, moet naderkom volgens huisgesinne en die huisgesin wat יְהוָה aanwys, moet naderkom man vir man.
- 15 Dit sal wees dat die een wat aangewys is met die bangoed, met vuur verbrand moet word, hy en alles wat aan hom behoort omdat hy die verbond van יְהוָה oortree en 'n skandedaad in Yisra'el begaan het."
- 16 Y'hoshua het dus vroeg in die oggend opgestaan en Yisra'el laat naderkom volgens stamme en die stam van Y'hudah is aangewys.
- 17 Toe hy die families van Y'hudah laat naderkom, het hy die familie van Zerag aangewys; toe hy die familie van Zerag laat naderkom, man vir man, is Zavdi aangewys.
- 18 Hy het sy huisgesin man vir man laat naderkom en 'Akhan, die seun van Karmi, die seun van Zavdi, die seun van Zerag, van die stam van Y'hudah, is aangewys.
- 19 Toe sê Y'hoshua vir 'Akhan: "My seun, ek smee jou, gee lof en eer aan יְהוָה, die God van Yisra'el en lig jou hande op na Hom ^{Yog 9:24} en vertel my nou wat jy gedoen het. Moet dit nie vir my wegsteek nie."
- 20 'Akhan het Y'hoshua geantwoord en gesê: "Waarlik, ek het gesondig teen יְהוָה, die God van Yisra'el en dit is wat ek gedoen het:
- 21 toe ek 'n mooi mantel uit Shin'ar, twee honderd sikkels silwer en 'n goudstaaf van vyftig sikkels in gewig by die buitgoed gesien het, het ek hulle begeer en hulle gevat en let op, hulle is weggesteek in die grond binne-in my tent met die silwer onder dit."
- 22 Y'hoshua het boodskappers gestuur en hulle het na die tent toe gehardloop en let op, dit was weggesteek in sy tent, met die silwer onder dit.
- 23 Hulle het dit vanuit die tent gehaal en dit na Y'hoshua en al die seuns van Yisra'el gebring en dit voor die aangesig van יְהוָה uitgegooi.

- 24 Toe het Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, vir 'Akhan, die seun van Zerag, gevat, saam met die silwer, die mantel, die goudstaaf, sy seuns, sy dogters, sy beeste, sy donkies, sy kleinvee, sy tent en alles wat aan hom behoort het en hulle het hul opgevat na die Vallei van Akhor.
- 25 Y'hoshua het gesê: "Hoekom het jy vir ons moeilikheid gemaak? יהוה sal vandag vir jou moeilikheid gee! Die hele Yisra'el het hom gestenig met klippe en hulle het hulle met vuur verbrand nadat hulle hul met klippe gestenig het.
- 26 Hulle het 'n groot hoop klippe oor hom gestapel wat tot vandag toe daar is en יהוה het weggedraai van die intensiteit van Sy woede; daarom noem hulle daardie plek die Vallei van Akhor tot vandag toe.
- 8** 1 יהוה sê vir Y'hoshua: "Moenie vrees of ontsteld wees nie; vat al die manskappe saam met jou en staan op, gaan op na 'Ai; kyk, Ek gee die koning van 'Ai, sy volk, sy stad en sy land in jou hand.
- 2 Jy moet met 'Ai en sy koning doen net soos jy met Yerigo en sy koning gedoen het; net sy buit en sy vee mag julle vir juisself buitmaak. Stel 'n hinderlaag op aan die agterkant, teen die stad."
- 3 Y'hoshua het opgestaan saam met al die manskappe om op te gaan na 'Ai en Y'hoshua het dertig duisend man, dapper soldate, uitgesoek en hulle in die nag uitgestuur.
- 4 Hy het hulle beveel en gesê: "Kyk, julle gaan 'n hinderlaag teen die stad opstel, aan die agterkant; moenie ver van die stad af weggaan nie, maar wees julle almal gereed.
- 5 Dan sal ek met al die manne wat by my is, die stad nader en wanneer hulle dan uitkom om ons te ontmoet, sal ons soos die vorige keer, voor hulle uit vlug.
- 6 Hulle sal uitkom agter ons aan totdat ons hulle van die stad af weggelok het, want hulle sal sê: 'Hulle vlug voor ons uit soos die eerste keer.' So sal ons voor hulle uit vlug.
- 7 Julle moet uit die hinderlaag opstaan en die stad in besit neem, want יהוה, julle God, sal dit in julle hand gee.
- 8 Dan, wanneer julle die stad verower het, moet julle die stad aan die brand steek. Julle moet dit doen volgens die woord van יהוה. Kyk, ek het julle beveel.
- 9 So het Y'hoshua hulle dan weggestuur en hulle het na die plek van die hinderlaag gegaan en gebly tussen Beit-El en 'Ai, aan die westekant van 'Ai, maar Y'hoshua het dié nag tussen die manskappe deurgebring.
- 10 Die oggend vroeg het Y'hoshua opgestaan, die manskappe aangetree en opgegaan saam met die oudstes van Yisra'el, voor die manskappe, na 'Ai toe.
- 11 Toe het al die manskappe wat by hom was, opgegaan en die stad genader en voor dit aangekom en hulle het laer opgeslaan aan die noordekant van 'Ai, met 'n vallei tussen hulle en 'Ai.
- 12 Hy het omtrent vyf duisend man gevat en hulle in 'n hinderlaag opgestel tussen Beit-El en 'Ai, aan die westekant van die stad.

- 13 So het hulle die manskappe opgestel, die hele leër wat aan die noordekant van die stad was, met sy agterhoede aan die westekant van die stad en Y'hoshua het daardie nag in die vallei deurgebring.
- 14 Dit het gebeur, toe die koning van 'Ai dit sien, het die manne van die stad gou gemaak en vroeg opgestaan en uitgegaan om Yisra'el in die geveg te ontmoet, hy en al sy manskappe, op 'n aangestelde plek voor die woestynvlakte. Hy het egter nie geweet dat daar agter die stad 'n hinderlaag teen hom lê nie.
- 15 Y'hoshua en die hele Yisra'el het voorgegee om verslaan te wees voor hulle en gevlug in die rigting van die wildernis.
- 16 Al die manskappe in die stad is bymekaar geroep om hulle te agtervolg en hulle het Y'hoshua agtervolg en is weggelok van die stad af.
- 17 Daar was nie 'n man oor in 'Ai of in Beit-El, wat nie agter Yisra'el aan gegaan het nie en hulle het die stad onbewaak laat staan en Yisra'el agtervolg.
- 18 Toe sê יהוה vir Y'hoshua: "Steek die spies wat in jou hand is, na 'Ai toe uit, want Ek sal dit in jou hand gee." Y'hoshua het die spies, wat in sy hand was, na die stad toe uitgesteek.
- 19 Die manne in die hinderlaag het gou van hulle plek af opgestaan en toe hy sy hand uitgesteek het, gehardloop, die stad ingegaan en dit oorgeneem en die stad gou aan die brand gesteek.
- 20 Toe die manne van 'Ai omdraai, let op, het die rook van die stad in die lug opgetrek en hulle het geen plek gehad om heen te vlug nie, nie hierheen of daarheen nie, want die manskappe wat op die vlug was na die wildernis, het omgedraai teen die agtervolgers.
- 21 Toe Y'hoshua en die hele Yisra'el sien dat die hinderlaag die stad ingeneem het en dat die rook van die stad af opstyg, het hulle omgedraai en die manne van 'Ai verslaan.
- 22 Die ander het uit die stad gekom, hulle tegemoet sodat hulle tussen Yisra'el vasgevang was, sommige duskant en sommige anderkant en hulle het hul verslaan totdat daar niemand van hulle oor was wat oorleef of ontvlug het nie,
- 23 maar hulle het die koning van 'Ai lewendig gevang en hom na Y'hoshua toe gebring.
- 24 Nadat Yisra'el al die inwoners van 'Ai in die veld en in die wildernis waar hulle hul agtervolg het, doodgemaak het en almal deur die skerpte van die swaard geval het totdat hulle uitgewis was, het die hele Yisra'el teruggekom na 'Ai en dit met die skerpte van die swaard getref.
- 25 Al die wat op dié dag geval het, manne sowel as vroue, was twaalf duisend; al die mense van 'Ai.
- 26 Y'hoshua het sy hand met die uitgestrekte spies nie teruggetrek voordat hy al die inwoners van 'Ai ten volle vernietig het nie.
- 27 Net die vee en die buit van daardie stad het die Yisra'elite vir hulle buitgemaak, volgens die woord van יהוה, wat Hy Y'hoshua beveel het.
- 28 Y'hoshua het 'Ai verbrand en daarvan 'n puinhoop gemaak vir ewig, 'n verlatenheid tot vandag toe.

- 29 Hy het die koning van 'Ai aan 'n paal opgehang tot sonsondergang toe en teen sononder het Y'hoshua beveel dat hulle sy lyk van die paal afhaal en dit by die ingang van die stadspoort gooi en 'n groot hoop klippe oor hom stapel, wat vandag nog daar is. Deut 21:22,23
- 30 Toe het Y'hoshua 'n altaar gebou vir יהוה, die God van Yisra'el, op die berg 'Eival,
- 31 soos Mosheh, die kneg van יהוה, die seuns van Yisra'el beveel het, soos geskrywe staan in die wetboek van Mosheh: 'n altaar van ongekapte klippe waaroor niemand 'n yster geswaai het nie en dáárop het hulle aan יהוה brandoffers gebring en vredesoffers geoffer.
- 32 Hy het daar 'n afskrif van die wet van Mosheh op die klippe geskryf, wat hy geskryf het voor die oë van die seuns van Yisra'el.
- 33 Die hele Yisra'el, met sy oudstes en die offisiere en sy regters het aan weerskante van die ark gestaan, voor die Levitiese priesters, die draers van die ark van die verbond van יהוה, die vreemdeling sowel as die burgers: die helfte van hulle voor die berg G'rizim en die ander helfte van hulle voor die berg 'Eival, net soos Mosheh, die dienskneg van יהוה, tevore beveel het, om die volk van Yisra'el te seën.
- 34 Toe, hierna, het hy al die woorde van die wet voorgelees, die seën en die vloek, volgens alles wat in die boek van die wet geskryf is.
- 35 Daar was nie 'n woord van alles wat Mosheh beveel het, wat Y'hoshua nie voorgelees het voor die hele vergadering van Yisra'el, saam met die vroue en die kinders en die vreemdelinge wat tussen hulle gebly het nie.
- 9** 1 Dit het gebeur dat toe al die konings wat wes van die Yarden bly, in die bergland en in die Laagland en aan die hele kus van die Groot See in die rigting van L'vanon: die Hittiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, daarvan hoor, 2 hulle bymekaargekom het om soos een man teen Y'hoshua en Yisra'el te veg.
- 3 Toe die inwoners van Giv'on hoor wat Y'hoshua met Yerigo en met 'Ai gedoen het, 4 het hulle ook met lis gehandel: hulle het gegaan en hulle as afgevaardigdes voorgestel en verslete sakke en verslete wynsakke wat geskeur en reggemaak was op hulle donkies gevat;
- 5 ook verslete en gelapte sandale aan hulle voete en verslete klere aan hulle self en al die brood van hulle padkos was droog en verkrummeld.
- 6 Hulle het na Y'hoshua gegaan in die kamp by Gilgal en vir hom en die manne van Yisra'el gesê: “Ons kom van 'n ver land af; sluit dan nou 'n verbond met ons.”
- 7 Die manne van Yisra'el het vir die Giviete gesê: “Miskien bly julle in ons land; hoe kan ons dan 'n verbond met julle sluit?”
- 8 Hulle sê egter vir Y'hoshua: “Ons is u diensknegte!” Toe vra Y'hoshua vir hulle: “Wie is julle en waar kom julle vandaan?”
- 9 Hulle sê vir hom: “U dienaars kom van 'n baie ver land af as gevolg van die verslag van die roem van יהוה, u God, wat ons aangaande Hom gehoor het en alles wat Hy in Mitzrayim gedoen het;

- 10 ook alles wat Hy aan die twee konings van die Emoriete oorkant die Yarden gedoen het, aan Sigon, die koning van Heshbon en 'Og, die koning van Bashan, wat in 'Ashtarot was;
- 11 daarom het ons oudstes en al die inwoners van ons land met ons gepraat en gesê: “Neem padkos in julle hand vir die reis en gaan ontmoet hulle en sê vir hulle: ‘Ons is julle diensknegte, sluit dan nou 'n verbond met ons.’” ^{Deut 20:10-11}
- 12 Hierdie brood van ons was warm toe ons dit as padkos uit ons huise gevat het op die dag wat ons uitgegaan het om na julle toe te kom, maar nou, let op, dit is droog en het verkrummeld geword.
- 13 Hierdie wysakke wat ons volgemaak het, was nuut en let op, hulle is geskeur en hierdie, ons klere en ons sandale, is verslete as gevolg van die baie lang reis.
- 14 Die manne het van hulle padkos gevat en nie die raad van יהוה gevra nie. ^{Eks 34:12}
- 15 Y'hoshua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit dat hy hulle sou laat lewe en die prinse van die vergadering het teenoor hulle gesweer. ^{2 Sh'm 21:2}
- 16 Dit het gebeur aan die einde van drie dae nadat hulle die verbond met hulle gesluit het dat hulle gehoor het dat hulle bure is en dat hulle in hulle land woon.
- 17 Toe het die seuns van Yisra'el weggetrek en op die derde dag by hulle stede gekom. Hulle stede was: Giv'on, K'firah, Be'erot en Kiryat-Ye'arim.
- 18 Die seuns van Yisra'el het hulle nie verslaan nie omdat die leiers van die vergadering teenoor hulle gesweer het by יהוה, die God van Yisra'el. Die hele vergadering het teen die leiers gemurmureer.
- 19 Al die leiers sê egter vir die hele vergadering: “Ons het teenoor hulle gesweer by יהוה, die God van Yisra'el en nou mag ons nie aan hulle raak nie.
- 20 Dit sal ons aan hulle doen; hulle laat lewe sodat daar nie toorn oor ons kom ter wille van die eed wat ons teenoor hulle gesweer het nie.”
- 21 Die leiers sê vir hulle: “Laat hulle lewe!” Hulle het houtkappers en optrekkers van water geword vir die hele vergadering, net soos die leiers vir hulle gesê het.
- 22 Toe laat Y'hoshua hulle roep en praat met hulle en sê: “Waarom het julle ons mislei deur te sê: ‘Ons bly baie ver van julle af’ terwyl julle in ons land bly?”
- 23 Nou, julle is daarom vervloek en julle sal nooit ophou om slawe, beide houtkappers sowel as optrekkers van water, vir die huis van my God te wees nie.”
- 24 Hulle het Y'hoshua geantwoord en gesê: “Omdat dit verseker aan u diensknegte meegedeel is dat יהוה, u God, aan Mosheh, Sy dienskneg, beveel het om die hele land aan julle te gee en al die inwoners van die land voor julle uit te vernietig, was ons daarom baie bevrees vir ons lewens en het ons hierdie ding gedoen.
- 25 Nou, let op, ons is in u hande: doen soos dit goed en reg is in u oë om met ons te doen.”
- 26 So het hy met hulle gedoen en hulle gered uit die hand van die seuns van Yisra'el en hulle het hul nie doodgemaak nie,
- 27 maar Y'hoshua het hulle op daardie dag houtkappers en optrekkers van water vir die vergadering en vir die altaar van יהוה, in die plek wat Hy sou kies, gemaak, tot vandag toe.

- 10** 1 Nou het dit gebeur dat toe Adoni-Tzedek, die koning van Yerushalayim, hoor dat Y'hoshua 'Ai ingeneem en dit heeltemal vernietig het; net soos hy met Yerigo en sy koning gedoen het, so het hy met 'Ai en sy koning gedoen en dat die inwoners van Giv'on vrede gesluit het met Yisra'el en in hulle land was,
- 2 hy baie bang geword het omdat Giv'on 'n groot stad was, soos een van die koninklike stede en omdat hy groter as 'Ai was en al sy manne kragtig was.
- 3 Adoni-Tzedek, die koning van Yerushalayim, het daarom na Hoham, die koning van Hevron, na Pir'am, die koning van Yarmut, na Yafia, die koning van Lakhish en na D'vir, die koning van 'Eglon, gestuur om te sê:
- 4 “Kom op na my toe en help my dat ons Giv'on kan aanval omdat dit met Y'hoshua en met die seuns van Yisra'el vrede gesluit het.”
- 5 So het die vyf Emoritiese konings bymekaargekom en opgetrek: die koning van Yerushalayim, die koning van Hevron, die koning van Yarmut, die koning van Lakhish en die koning van 'Eglon; hulle en al hul leërmagte en hulle het by Giv'on gekamp en daarteen geveg.
- 6 Toe het die manne van Giv'on na Y'hoshua gestuur, na die kamp by Gilgal, om te sê: “Moenie u diensknegte in die steek laat nie, kom gou op na ons toe en red ons en help ons, want al die konings van die Emoriete, wat in die Bergland bly, het teen ons bymekaargekom.”
- 7 Y'hoshua het opgetrek vanaf Gilgal, hy en al die manskappe en al die dapper soldate saam met hom.
- 8 יהוה het vir Y'hoshua gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek het hulle in jou hand gegee; nie een van hulle sal voor jou standhou nie.”
- 9 Y'hoshua het, deur die hele nag deur van Gilgal af te marsjeer, skielik op hulle afgekom
- 10 en יהוה het hulle in verwarring gebring voor Yisra'el en hy het hulle geslaan met 'n groot slagting by Giv'on en hulle agtervolg op die opgaande pad van Beit-Horon en hulle verslaan so ver as 'Azekah en Makkedah.
- 11 Terwyl hulle voor Yisra'el uit vlug op die afdraande van Beit-Horon, het יהוה groot haelstene vanaf die hemel op hulle gegooi so ver as tot by 'Azekah en hulle het gesterf. Daar het meer gesterf deur die haelstene as wat die seuns van Yisra'el met die swaard doodgemaak het.
- 12 Toe het Y'hoshua met יהוה gepraat, op die dag dat יהוה die Emoriete voor die seuns van Yisra'el oorgegee het en voor die oë van Yisra'el gesê: “O son, staan stil in Giv'on en maan, in die Vallei van Ayalon!”
- 13 Die son het stilgestaan en die maan het gestop totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van Liedere nie? Die son het in die middel van die lug gestop en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, vir omtrent 'n volle dag.
- 14 Daar was geen dag soos hierdie een, voor hom of ná hom, toe יהוה na die stem van 'n man geluister het nie, want יהוה het vir Yisra'el geveg.
- 15 Toe het Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom, na die kamp by Gilgal teruggegaan.

- 16 Nou, daardie vyf konings het gevlug en hulleself weggesteek in die grot by Makkedah.
- 17 Dit is aan Y'hoshua vertel en gesê: "Die vyf konings is gevind: hulle kruip weg in die grot by Makkedah."
- 18 Y'hoshua het gesê: "Rol groot klippe teen die ingang van die grot en stel manne daarby aan om hulle te bewaak,
- 19 maar moenie self daar bly nie; jaag julle vyande agterna en val hulle van agter af aan. Moet hulle nie toelaat om in hul stede in te gaan nie, want יהוה, julle God, het hulle in julle hand oorgegee.
- 20 Dit het gebeur dat toe Y'hoshua en die seuns van Yisra'el hulle heeltemal verslaan het met 'n baie groot slagting totdat hulle vernietig was en dié van hulle wat oorgebly het in die versterkte stede ingegaan het,
- 21 al die manskappe by die kamp, by Y'hoshua in Makkedah teruggekom het in vrede. Niemand het 'n woord ge-uit teen enige van die seuns van Yisra'el nie.
- 22 Toe sê Y'hoshua: "Maak oop die ingang van die grot en bring daardie vyf konings uit die grot uit na my toe."
- 23 Hulle het so gedoen en daardie vyf konings uit die grot na hom toe gebring: die koning van Yerushalayim, die koning van Hevron, die koning van Yarmut, die koning van Lakhish en die koning van 'Eglon.
- 24 Toe hulle daardie konings uitgebring het na Y'hoshua toe, roep Y'hoshua al die manne van Yisra'el en sê aan die bevelvoerders van die krygsmanne wat saam met hom gegaan het: "Kom nader, sit julle voete op die nekke van hierdie konings." Hulle het nader gekom en hul voete op hulle nekke gesit.
- 25 Toe sê Y'hoshua vir hulle: "Wees nie bevrees of ontsteld nie. Wees onveranderlik sterk en dapper, want so sal יהוה met al julle vyande doen teen wie julle veg."
- 26 Daarna het Y'hoshua hulle neergeslaan en hulle doodgemaak en hulle aan vyf bome opgehang en hulle het aan die bome bly hang tot die aand toe.
- 27 Dit het gebeur teen sonder dat Y'hoshua bevel gegee het om hulle van die bome af te haal ^{Deut 21:23} en in die grot te gooi waarin hulle weggekruip het en hulle het groot klippe voor die ingang van die grot gepak, tot vandag toe.
- 28 Daardie dag het Y'hoshua Makkedah oorgeneem en dit en sy koning met die skerpte van die swaard verslaan; hy het dit en almal wat daarin was volkome vernietig. Hy het niemand laat oorbly nie. So het hy met die koning van Makkedah gedoen net soos hy met die koning van Yerigo gedoen het.
- 29 Toe trek Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom van Makkedah af na Livnah en het teen Livnah geveg.
- 30 יהוה het dit ook saam met sy koning in die hand van Yisra'el gegee en hy het dit en almal wat daarin was met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het geen oorlewendes daarin laat bly nie. So het hy met sy koning gedoen net soos hy met die koning van Yerigo gedoen het.
- 31 Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, het aangegaan vanaf Livnah na Lakhish en het by dit gekamp en daarteen geveg.

- 32 יהרה' het Lakhish in die hand van Yisra'el gegee en hy het dit op die tweede dag ingeneem en dit en almal wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan net soos hy met Livnah gedoen het.
- 33 Toe trek Horam, die koning van Gezer, op om Lakhish te help en Y'hoshua het hom en sy volk verslaan totdat hy geen oorlewendes agter gelaat het nie.
- 34 Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, het aangegaan vanaf Lakhish na 'Eglon en hulle het by 'Eglon gekamp en teen 'Eglon geveg.
- 35 Hulle het dit op daardie dag ingeneem en dit verslaan met die skerpte van die swaard en al die mense wat daarin was op daardie dag volkome vernietig, net soos hy met Lakhish gedoen het.
- 36 Toe trek Y'hoshua en die hele Yisra'el, saam met hom, op vanaf 'Eglon na Hevron en hulle het teen Hevron geveg.
- 37 Hulle het dit ingeneem en dit met sy koning, al sy stede en al die mense wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het niemand laat oorbly nie, volgens alles wat hy met 'Eglon gedoen het. Hy het dit en al die mense wat daarin was heeltemal vernietig.
- 38 Toe draai Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom terug na D'vir en hulle het teen hulle geveg.
- 39 Hy het dit ingeneem en sy koning en al sy stede met die skerpte van die swaard verslaan en almal wat daarin was volkome vernietig. Hy het geen oorlewendes gelos nie, net soos hy met Hevron gedoen het, so het hy met D'vir en sy koning gedoen, soos hy ook met Livnah en sy koning gedoen het.
- 40 So het Y'hoshua dan die hele land verslaan, die Bergland, die Suidland, die Laagland en die Hange met al hulle konings. Hy het geen oorblywende laat bly nie, maar alles wat asemhaal volkome vernietig, net soos יהרה', die God van Yisra'el, beveel het.
- 41 Y'hoshua het hulle verslaan van Kadesh-Barnea af tot by 'Azah en die hele land Goshen tot by Giv'on.
- 42 Y'hoshua het al hierdie konings en hulle lande op dieselfde tyd ingeneem omdat יהרה', die God van Yisra'el, vir Yisra'el geveg het.
- 43 Y'hoshua en die hele Yisra'el saam met hom, het teruggegaan na die kamp by Gilgal.
- 11** 1 Dit het gebeur dat toe Yavin, die koning van Hatzor, daarvan hoor, hy na Yovav, die koning van Madon, die koning van Shimron en na die koning van Akshaf gestuur het
- 2 en na die konings in die Noorde, in die Bergland en op die vlakte suid van Kinn'rot en in die Laagland en op die hoogtes van Dor in die weste;
- 3 na die Kena'aniete in die ooste en in die weste en die Emoriete, Hittiete, P'riziete en Y'vusiete op die Bergland en die Hiviete aan die voet van Hermon, in die land van Mitzpah.
- 4 Hulle het uitgetrek, hulle en al hulle leërs saam met hulle, soveel mense soos die sand wat op die seestrand is, met baie perde en strydwaens.

- 5 Al hierdie konings, wat ooreengekom het om te ontmoet, het gekom en saam laer opgeslaan by die waters van Merom, om teen Yisra'el te veg.
- 6 Toe sê יהוה vir Y'hoshua: "Moenie bang wees as gevolg van hulle nie, want hierdie tyd môre sal Ek almal van hulle neergeslaan aan Yisra'el oorgee. Jy moet hulle perde se hakskeenseninge afsny en hulle waens met vuur verbrand."
- 7 Y'hoshua, saam met al die manskappe by hom het skielik op hulle afgekom by die waters van Merom en hulle aangeval.
- 8 יהוה het hulle in die hand van Yisra'el oorgegee sodat dié hulle verslaan en hulle agtervolg het tot by Groot-Tzidon en Misrefot-Mayim en tot by die Vallei van Mitzpah aan die ooste en hulle het hul verslaan totdat daar geen oorlewende vir hulle oor was nie.
- 9 Y'hoshua het met hulle gedoen soos יהוה aan hom gesê het: hy het hulle perde se hakskeenseninge afgesny en hulle strydwaens met vuur verbrand.
- 10 In daardie tyd het Y'hoshua omgedraai en Hatzor ingeneem en sy koning met die swaard doodgemaak, want Hatzor was vroeër die hoof van al hierdie koninkryke.
- 11 Hulle het almal wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan en hulle volkome vernietig; niks wat asemhaal het oorgebly nie. Hatzor het hy met vuur verbrand.
- 12 Y'hoshua het al die stede van hierdie konings en al hulle konings met die skerpte van die swaard verslaan en hulle volkome vernietig, soos Mosheh, die dienskneg van יהוה, beveel het.
- 13 Yisra'el het egter nie enige stad, wat op hulle hoogtes lê, verbrand nie, behalwe Hatzor alleen, wat Y'hoshua verbrand het.
- 14 Al die buit van hierdie stede en die vee het die seuns van Yisra'el vir hulleself gevat as plunder, maar al die mense het hulle met die skerpte van die swaard doodgemaak totdat hulle hul vernietig het. Hulle het niemand wat asemhaal, laat oorbly nie.
- 15 Net soos יהוה Mosheh, Sy dienskneg, beveel het, so het Mosheh Y'hoshua beveel en so het Y'hoshua gedoen; hy het niks nagelaat van alles wat יהוה vir Mosheh beveel het nie.
- 16 So het Y'hoshua dan daardie hele land ingeneem: die Bergland, die hele Suidland, die hele land Goshen, die Laagland, die Vlakte en die Bergland van Yisra'el met sy laaglande;
- 17 vanaf die berg Halak, wat oploop in die rigting van Se'ir, so ver as tot by Ba'al-Gad in die L'vanonvallei aan die voet van die berg Hermon. Hy het al hulle konings gevang, hulle neergeslaan en hulle doodgemaak.
- 18 Y'hoshua het vir 'n baie lang tyd met al hierdie konings oorlog gemaak.
- 19 Daar was nie 'n stad wat met die seuns van Yisra'el vrede gesluit het nie, behalwe die Giviete, wat in Giv'on gebly het; hulle het hul almal deur gevegte oorgeneem,
- 20 want dit was van יהוה om hulle harte onveranderlik te maak om Yisra'el in geveg te ontmoet sodat hy hulle volkome kan vernietig dat hulle geen guns sou ontvang nie, maar dat hy hulle sou vernietig, net soos יהוה vir Mosheh beveel het.
- 21 Toe het Y'hoshua in dié tyd gekom en die 'Anakiete uitgewis uit die Bergland; uit Hevron, D'vir, 'Anav en uit al die bergdele van Y'hudah en al die bergdele van Yisra'el. Y'hoshua het hulle volkome uitgewis saam met hulle stede.

22 Daar was geen `Anakiëte oor in die land van die seuns van Yisra'el nie; slegs in `Azah, in Gat en in Ashdod het sommige oorgebly.

23 So het Y'hoshua die hele land oorgeneem volgens alles wat יהוה met Mosheh gepraat het en Y'hoshua het dit as 'n erfenis aan Yisra'el gegee volgens die indelings van hulle stamme. So het die land gerus van oorlog.

12 1 Hierdie is die konings van die land vir wie die seuns van Yisra'el verslaan en wie se land hulle in besit geneem het oorkant die Yarden, na die sonsopkoms, vanaf die Vallei van die Arnon af sover as tot by die berg Hermon en die hele Vlakte (`Aravah) na die ooste toe:

2 Sigon, die koning van die Emoriete wat in Heshbon gebly het, wat geheers het vanaf `Aro'er, wat aan die kant van die vallei van die Arnon lê, beide die middel van die vallei en die helfte van Gil'ad, selfs so ver as tot by die Yabbokrivier, die grens van die seuns van `Ammon;

3 die Vlakte tot by die Kinn'rotsee, aan die ooste, so ver as tot by die See van die Vlakte, die Soutsee, ooswaarts in die rigting van Beit-Yeshimot en aan die suide, aan die voet van die hange van Pisgah;

4 die grondgebied van `Og, die koning van Bashan, een van die oorblyfsels van die Refa'iete, wat in `Ashtarot en Edre'i gebly het,

5 wat oor Berg Hermon, oor Salkhah en oor die hele Bashan tot so ver as die grens van die G'shur (Endor) en Ma'akhat, die helfte van Gil'ad, tot by die grondgebied van Sigon, die koning van Heshbon, geheers het.

6 Mosheh, die dienskneg van יהוה en die seuns van Yisra'el het hulle verslaan en Mosheh, die dienskneg van יהוה, het dit as 'n besitting gegee aan die Re'uveniete, die Gadiëte en die halwe stam van M'nasheh.

7 Nou, hierdie is die konings van die land wat Y'hoshua en die seuns van Yisra'el verslaan het, oorkant die Yarden na die weste toe: vanaf Ba'al-Gad, in die vallei van die L'vanon, selfs so ver as tot by Berg Halak, wat oploop na Se'ir toe en Y'hoshua het dit as 'n besitting aan die stamme van Yisra'el gegee volgens hulle verdelings;

8 in die Bergland, in die Laagland, in die Vlakte, aan die hange, in die wildernis en in die Suidland: die Hittiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete:

9 die koning van Yerigo, een; die koning van `Ai wat langs Beit-El lê, een;

10 die koning van Yerushalayim, een; die koning van Hevron, een;

11 die koning van Yarmut, een; die koning van Lakhish, een;

12 die koning van `Eglon, een; die koning van Gezer, een;

13 die koning van D'vir, een; die koning van Geder, een;

14 die koning van Hormah, een; die koning van `Arad, een;

15 die koning van Livnah, een; die koning van `Adullam, een;

16 die koning van Makedah, een; die koning van Beit-El, een;

17 die koning van Tappuag, een; die koning van Hefer, een;

18 die koning van Afek, een; die koning van Sharon, een;

19 die koning van Madon, een; die koning van Hatzor, een;

20 die koning van Shimron-M'ron, een; die koning van Akhshaf, een;

- 21 die koning van Ta'anakh, een; die koning van Megiddo, een;
 22 die koning van Kedesh, een; die koning van Yokne'am, in Karmel, een;
 23 die koning van Dor, in die hoogtes van Dor, een; die koning van die nasies in Gilgal, een;
 24 die koning van Tirtzah, een; almal saam, een en dertig konings.

- 13** 1 Y'hoshua was oud en gevorderd in jare toe יהוה vir hom gesê het: "Jy is oud en gevorderd in jare en 'n baie groot deel van die land bly oor om in besit te neem.
 2 Dit is die land wat oorgebly het: al die landstreke van die F'lishtyne en van die G'shuriete,
 3 vanaf Shigor, oos van Mitzrayim, tot by die grens van 'Ekron na die noorde, wat as Kena'aniete gereken word; die vyf heersers van die F'lishtyne: dié van 'Azah, van Ashdod, van Ashkelon, van Gat en van 'Ekron; asook die 'Aviete
 4 na die suide; die hele land van die Kena'aniete en Me'arah wat aan die Tzidoniete behoort, so ver as Afek, tot by die grens van die Emoriete
 5 en die land van die Givliete en die hele L'vanon aan die oostekant, van Ba'al-Gad af, onder die berg Hermon, so ver as die ingang na Hamat,
 6 al die bewoners van die Bergland, van die L'vanon af so ver as Misrefot-Mayim, al die Tzidoniete: Ek self sal hulle voor die seuns van Yisra'el uit verdryf; verdeel dit net as erfdeel onder Yisra'el soos Ek jou beveel het.
 7 Verdeel daarom dan hierdie land as erfdeel onder die nege stamme en die halwe stam van M'nasheh."
 8 Saam met die ander halwe stam het die Re'uveniete en die Gadiete hulle erfdeel ontvang wat Mosheh oorkant die Yarden, na die ooste, aan hulle gegee het, net soos Mosheh, die kneg van יהוה, aan hulle gegee het:
 9 vanaf 'Aro'er, wat aan die kant van die Arnonvallei lê, met die stad wat in die middel van die vallei is en die hele vlakte van Meidva tot by Divon;
 10 al die stede van Sigon, koning van die Emoriete wat in Heshbon regeer het, tot by die grens van die seuns van 'Amon;
 11 Gil'ad en die grondgebied van die G'shuriete en Ma'akhatiete en die hele Berg Hermon en die hele Bashan tot by Salkhah;
 12 die hele koninkryk van 'Og in Bashan, wat geheers het in 'Ashtarot en in Edre'i (hy alleen het oorgebly van die Refa'iete), want Mosheh het hulle verslaan en onteien.
 13 Die seuns van Yisra'el het egter nie die G'shuriete en Ma'akhatiete onteien nie, want G'shur en Ma'akhat bly tussen Yisra'el tot vandag toe.
 14 Net aan die stam van Levi het hy geen erfenis gegee nie: die vuuroffers aan יהוה, die God van Yisra'el, is hulle erfenis, soos Hy hom belooft het.
 15 Mosheh het aan die stam van die seuns van Re'uven gegee volgens hulle families.
 16 Hulle grondgebied was van 'Aro'er af wat aan die kant van die Arnonvallei lê, met die stad wat in die middel van die vallei is en die hele vlakte by Meidva;
 17 Heshbon en al sy stede wat in die vlakte lê, Divon, Bamot-Ba'al en Beit-Ba'al-M'on;
 18 Yahatz, K'demot en Mefa'at;
 19 Kiryatayim, Sebmah en Tzeret-Shagar, op die heuwel van die vallei;

- 20 Beit-P'or, die hange van Pisgah en Beit-Yeshimot;
- 21 selfs al die stede van die Vlakte en die hele koninkryk van Sigon, koning van die Emoriete wat in Heshbon regeer het, wat Mosheh verslaan het saam met die vorste van Midyan: Evi, Rekem, Tsur, Hur en Reva, die prinse van Sigon, wat in die land gebly het.
- 22 Saam met hulle dooies het die seuns van Yisra'el ook vir Bil'am, die seun van B'or, die waarsêer, met die swaard doodgemaak.
- 23 Die grens van die seuns van Re'uven was die Yarden. Hierdie was die erfenis van die seuns van Re'uven volgens hulle families, die stede met hulle dorpe.
- 24 Mosheh het ook vir die stam van Gad 'n erfenis gegee volgens hulle families.
- 25 Hulle grondgebied was: Ya'zer, al die stede van Gil'ad en die helfte van die land van die seuns van 'Amon, so ver as 'Aro'er wat voor Rabbah lê,
- 26 van Heshbon af so ver as Ramot-Mitzpeh en B'tonim en van Maganayim af tot by die grens van Lidvir
- 27 en in die vallei: Beit-Haram, Beit-Nimrah, Sukkot en Tzafon, die res van die koninkryk van Sigon, koning van Heshbon, met die Yarden as 'n grens, so ver as tot by die lae end van die see van Kinn'rot, oorkant die Yarden na die ooste.
- 28 Hierdie is die erfenis van die seuns van Gad volgens hulle families, die stede met hulle dorpe.
- 29 Mosheh het ook 'n erfenis aan die halwe stam van M'nasheh gegee; hierdie was die besitting van die halwe stam van die seuns van M'nasheh, volgens hulle families.
- 30 Hulle grondgebied was: vanaf Maganayim, die hele Bashan, die hele koninkryk van 'Og, koning van Bashan en al die dorpe van Ya'ir in Bashan, sestig stede;
- 31 die helfte van Gil'ad met 'Ashtarot en Edre'i, die stede van die koninkryk van 'Og in Bashan, vir die seuns van Makhir, die seun van M'nasheh; vir die helfte van die seuns van Makhir volgens hulle families.
- 32 Dit is wat Mosheh as erfenis verdeel het in die vlaktes van Mo'av, oorkant die Yarden by Yerigo na die ooste.
- 33 Aan die stam van Levi het Mosheh egter geen erfenis gegee nie; יְהוָה, die God van Yisra'el, is hulle erfenis, soos Hy hulle beloof het.
- 14** 1 Hierdie is wat die seuns van Yisra'el as erfenis in die land Kena'an ontvang het, wat El'azar, die priester, Y'hoshua, die seun van Nun, asook die familiehoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el tussen hulle opgedeel het as erfenis.
- 2 Deur die lot is hulle erfenis verdeel, soos יְהוָה deur Mosheh beveel het, vir die nege en 'n halwe stam,
- 3 want Mosheh het die erfenis van die twee en 'n halwe stam oorkant die Yarden gegee, maar aan die Leviete het hy geen erfenis tussen hulle gegee nie,
- 4 want die seuns van Yosef was twee stamme: M'nasheh en Efrayim en aan die Leviete het hulle geen deel in die land gegee nie, behalwe stede om in te bly, met hulle weiveld vir hulle vee en vir hulle besittings.
- 5 So het die seuns van Yisra'el gedoen, net soos יְהוָה Mosheh beveel het en hulle het die land verdeel.

- 6 Toe het die seuns van Y'hudah nadergekom na Y'hoshua in Gilgal en Kaleb, die seun van Y'funneh, die K'niziet, het vir hom gesê: "Jy ken die woord wat יהוה met Mosheh, die man van God, in Kadesh-Barnea gepraat het met betrekking tot jou en my.
 - 7 Ek was veertig jaar oud toe Mosheh, die dienskneg van יהוה, my van Kadesh-Barnea af gestuur het om die land te verken en ek het vir hom woord gebring soos dit in my hart was.
 - 8 Nogtans het my broers wat saam met my opgegaan het, die binneste van die volk laat smelt met vrees, maar ek het יהוה, my God, ten volle gevolg.
 - 9 Op dié dag het Mosheh gesweer en gesê: 'Waarlik, die land waarop jou voet getrap het, sal aan jou en aan jou seuns tot in ewigheid as 'n erfenis wees omdat jy יהוה, my God, ten volle gevolg het.'
 - 10 Nou, let op, יהוה het my laat lewe, net soos Hy gesê het, hierdie vyf en veertig jaar sedert יהוה hierdie woord met Mosheh gepraat het toe Yisra'el in die wildernis geloop het en nou, let op, ek is vandag vyf en tagtig jaar oud.
 - 11 Ek is vandag nog net so sterk soos die dag toe Mosheh my gestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou, om te veg en om uit te gaan en in te kom.
 - 12 Nou dan, gee my hierdie bergland waarvan יהוה op daardie dag gepraat het, want jy het dié dag gehoor dat dáár 'Anakiete is met groot versterkte stede; miskien sal יהוה met my wees en ek sal hulle uitdryf, soos יהוה gesê het."
 - 13 Y'hoshua het hom geseën en Hevron as erfenis aan Kaleb, die seun van Y'funneh, gegee.
 - 14 Hevron het daarom die erfenis van Kaleb, die seun van Y'funneh, die K'niziet, geword tot vandag toe omdat hy יהוה, die God van Yisra'el, ten volle gevolg het.
 - 15 Die naam van Hevron was tevore Kiryat-Arba, want hy was die grootste man onder die 'Anakiete. Toe het die land gerus van oorlog.
- 15** 1 Die lot vir die stam van die seuns van Y'hudah, volgens hulle families, het geval vanaf teenaan die grens van Edom, suidwaarts na die wildernis van Tzin in die verre suide.
- 2 Hulle suidelike grens was vanaf die laer end van die Soutsee, vanaf die baai wat na die suide toe draai.
 - 3 Dan loop dit suidwaarts na Ma'aleh-'Akrabbiem en aan na Tzin; dan gaan dit op, suid van Kadesh-Barnea, aan na Hetzron en loop op na Addar en draai na Karka toe;
 - 4 dan verder aan na 'Atzmon en voort na die spruit van Mitzrayim en die grens eindig by die see; dit sal julle suidelike grens wees.
 - 5 Die oostelike grens: die Soutsee tot by die mond van die Yarden. Die noordelike grens: vanaf die baai van die see by die mond van die Yarden;
 - 6 dan loop die grens op na Beit-Hoglah en aan noordwaarts vanaf Beit-'Aravah en die grens loop op na die klip van Bohan, die seun van Re'uven.
 - 7 Die grens loop op na D'vir, van die Vallei van Akhor af en draai dan noord na Gilgal wat oorkant Ma'aleh-Adumim lê, aan die suidekant van die vallei en die grens gaan aan na die waters van 'Ein-Shemesh en eindig by 'Ein-Rogel.

- 8 Dan loop die grens op in die vallei van Ben-Hinnom na die suidelike hang van die Y'vusiete, dit is Yerushalayim; die grens loop op na die top van die berg wat voor die Vallei van Hinnom na die weste lê, wat aan die einde van die Vallei van Refa'im na die noorde is.
- 9 Vanaf die top van die berg draai die grens na die fontein van die waters van Neftoag en loop aan na die stede van Berg 'Efron; dan draai die grens na Ba'alalah, dit is Kiryat-Ye'arim.
- 10 Die grens draai van Ba'alalah af weswaarts weg na Berg Se'ir en aan na die hang van die berg Ye'arim aan die noorde, dit is K'salon en loop af na Beit-Shemesh en aan deur Timnah.
- 11 Die grens gaan noordwaarts aan na die kant van 'Ekron. Dan draai die grens na Shikron en aan na Berg Ba'alalah en aan na Yavne'el en die grens eindig by die see.
- 12 Die westelike grens is die Groot See se kuslyn. Hierdie is die grens rondom die seuns van Y'hudah volgens hulle families.
- 13 Nou, aan Kalev, die seun van Y'funneh, het hy 'n deel tussen die seuns van Y'hudah gegee, volgens die bevel van יהוה aan Y'hoshua: Kiryat-Arba, (Arba die vader van 'Anak), dit is Hevron.
- 14 Kalev het die drie seuns van 'Anak: Sheshai, Agiman en Talmai, die nageslag van 'Anak, daar uitgedryf.
- 15 Toe het hy daarvandaan opgetrek teen die inwoners van D'vir; nou die naam van D'vir was vroeër Kiryat-Sefer;
- 16 en Kalev het gesê: "Hy wat Kiryat-Sefer aanval en dit inneem, aan hom sal ek my dogter 'Akhsah as vrou gee."
- 17 'Otni'el, die seun van K'naz, die broer van Kalev, het dit ingeneem; hy het sy dogter 'Akhsah vir hom as vrou gegee.
- 18 Toe sy by hom aankom, het sy hom oortuig om van haar vader 'n stuk grond te vra. Sy het van die donkie afgeklim en Kalev vra vir haar: "Wat wil jy hê?"
- 19 Toe sê sy: "Gee vir my 'n seën, aangesien u vir my die Suidland (Negev) gegee het, gee ook vir my waterfonteine." Hy het vir haar die boonste en die onderste fonteine gegee.
- 20 Dit is die erfenis van die stam van die seuns van Y'hudah volgens hulle families.
- 21 Die stede van die stam van die seuns van Y'hudah op die uiterstes by die grens van Edom in die suide was Kavtze'el, 'Eder, Yagur,
- 22 Kinah, Dimonah, 'Ad'adah,
- 23 Kedesh, Hatzor, Yitnan,
- 24 Zif, Telem, Be'alot,
- 25 Hatzor-Hadattah, K'riot-Hesron, dit is Hatzor;
- 26 Amam, Sh'ma, Moladah,
- 27 Hatzar-Gaddah, Heshmon, Beit-Pelet,
- 28 Hatzar-Shu'al, Be'er-Sh'va, Bizyot-Yah,
- 29 Ba'alalah, 'Iyim, 'Etzem,
- 30 El-Tolad, K'sil, Hormah,
- 31 Ziklag, Madmannah, Sansannah,

- 32 L'va'ot, Shilgim, 'Ayin en Rimmon; altesaam nege en twintig stede, met hulle dorpies;
- 33 in die Laagland: Eshta'ol, Tzor'ah, Ashnah,
- 34 Zanoag, 'Ein-Gannim, Tappuag, 'Enam,
- 35 Yarmut, 'Adullam, Sokhoh, 'Azekah,
- 36 Sha'rim, 'Aditayim, G'derah en G'derotayim: veertien stede met hulle dorpe;
- 37 Tz'nan, Hadashah, Migdal-Gad,
- 38 Dil'an, Mitzpeh, Yokte'el,
- 39 Lakhish, Botzkat, 'Eglon,
- 40 Kabbon, Lagmas, Kitlish,
- 41 G'derot, Beit-Dagon, Na'amah en Makkedah: sestien stede met hulle dorpe;
- 42 Livnah, 'Eter, 'Ashan,
- 43 Yiftag, Ashnah, N'tziv,
- 44 Ke'ilah, Akhziv en Mareshah: nege stede met hulle dorpe;
- 45 'Ekron met sy dorpe en sy klein dorpies;
- 46 vanaf 'Ekron tot by die see, alles wat aan die kant van Ashdod lê, met hulle dorpe;
- 47 Ashdod, sy dorpe en sy klein dorpies; 'Azah, sy dorpe en sy klein dorpies, so ver soos die spruit van Mitzrayim en die kuslyn van die Groot See.
- 48 In die Bergland: Shamir, Yattir, Sokhoh,
- 49 Dannah, Kiryat-Sefer (dit is D'vir),
- 50 'Anav, Esht'moh, 'Anim,
- 51 Goshen, Holon en Giloh: elf stede met hulle dorpe;
- 52 Arav, Dumah, Esh'an,
- 53 Yanum, Beit-Tappuag, Afekah,
- 54 Humtah, Kiryat-Arba (dit is Hevron) en Tzi'or: nege stede met hulle dorpe;
- 55 Ma'on, Karmel, Zif, Yuttah,
- 56 Yizre'el, Yokde'am, Zanoag,
- 57 Kayin, Giv'ah en Timnah: tien stede met hulle dorpe;
- 58 Halgul, Beit-Tzur, G'dor,
- 59 Ma'arat, Beit-'Anot en Elt'kon: ses stede met hulle dorpe;
- 60 Kiryat-Ba'al (dit is Kiryat-Ye'arim) en Rabbah: twee stede met hulle dorpe.
- 61 In die wildernis: Beit-'Aravah, Middin, S'Khakhah,
- 62 Nivshan, 'Ir-Hamelag en 'Ein-Gedi: ses stede met hulle dorpe.
- 63 Nou, wat die Y'vusiete, die inwoners van Yerushalayim, betref, die seuns van Y'hudah kon hulle nie uitdryf nie; die Y'vusiete bly dus saam met die seuns van Y'hudah in Yerushalayim, tot vandag toe.
- 16** 1 Die lot vir die seuns van Yosef het gegaan vanaf die Yarden by Yerigo, tot by die waters van Yerigo aan die ooste, in die wildernis in, opwaarts vanaf Yerigo deur die Bergland, na Beit-El.
- 2 Dit het van Beit-El af na Luz geloop en aangegaan na die grens van die Arkiete, na 'Atarot.

- 3 Dit het weswaarts af geloop na die grondgebied van die Yafletiete, tot by die gebied van laer Beit-Horon, selfs tot by Gezer en geëindig by die see.
- 4 Die seuns van Yosef, M'nasheh en Efrayim, het hulle erfdeel ontvang.
- 5 Hierdie was die grondgebied van die seuns van Efrayim volgens hulle families: die grens van hulle erfenis ooswaarts was 'Atrot-Addar, so ver as tot by die bo-deel van Beit-Horon.
- 6 Dan loop die grens weswaarts by Mikhm'tat aan die noorde en die grens draai dan ooswaarts na Ta'anat-Shiloh en aan na die ooste van Yanogah.
- 7 Vanaf Yanogah loop dit af na 'Atarot en na Na'arah, bereik dan vir Yerigo en kom uit by die Yarden.
- 8 Vanaf Tappuag hou die grens weswaarts aan na die spruit van Kanah en eindig by die see. Dit is die erfenis van die stam van die seuns van Efrayim volgens hulle families;
- 9 met die stede wat vir die seuns van Efrayim afgesonder was, tussen die erfenis van die seuns van M'nasheh, al die stede met hulle dorpe.
- 10 Hulle het egter nie die Kena'aniete, wat in Gezer gebly het, uitgedryf nie; die Kena'aniete het tussen Efrayim gebly tot vandag toe en hulle dwangarbeiders geword.
- 17** 1 Nou, hierdie was die lot vir die stam van M'nasheh omdat hy die eersgeborene van Yosef was: Makhir, die eersgeborene van M'nasheh, die vader van Gil'ad, het omdat hy 'n krygsman was, Gil'ad en Bashan gekry;
- 2 so ook die res van die seuns van M'nasheh, volgens hulle families: vir die seuns van Avi'ezer, vir die seuns van Helek, vir die seuns van Asri'el, vir die seuns van Sh'khem, vir die seuns van Hefer en vir die seuns van Sh'mida; hierdie is die manlike kinders van M'nasheh, die seun van Yosef, volgens hulle families.
- 3 Tz'lof'gad, die seun van Hefer, die seun van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh, het egter nie seuns gehad nie, maar net dogters en hierdie is die name van sy dogters: Maglah, No'ah, Hoglah, Milkah en Tirtzah.
- 4 Hulle het nader gekom voor El'azar, die priester, voor Y'hoshua, die seun van Nun en voor die leiers en gesê: "יהוה het Mosheh beveel om ons 'n erfenis te gee tussen ons broers." Volgens die bevel van יהוה, het hy vir hulle 'n erfenis gegee onder die broers van hulle vader.
- 5 Daar het dus tien dele aan M'nasheh toegeval, behalwe die land Gil'ad en Bashan wat oorkant die Yarden lê
- 6 omdat die dogters van M'nasheh 'n erfenis ontvang het onder sy seuns en die land Gil'ad het aan die res van die seuns van M'nasheh behoort.
- 7 Die grens van M'nasheh het geloop vanaf Asher na Mikhm'tat, wat oos van Sh'khem is; dan loop die grens suidwaarts na die inwoners van 'Ein-Tappuag.
- 8 Die land van Tappuag het aan M'nasheh behoort, maar Tappuag, op die grens van M'nasheh, aan die seuns van Efrayim.
- 9 Die grens loop af na die spruit van Kanah, suidwaarts van die spruit, (hierdie stede, onder die stede van M'nasheh, behoort aan Efrayim) en die grens van M'nasheh is aan die noordekant van die spruit en eindig by die see.

- 10 Die suidekant behoort aan Efrayim en die noorde aan M'nasheh en die see is hulle grens en hulle raak in die noorde aan Asher en in die ooste aan Yissakhar.
- 11 In Yissakhar en Asher het M'nasheh vir Beit-Sh'an met sy dorpe, Yivle'am met sy dorpe, die inwoners van Dor met sy dorpe, die inwoners van 'Ein-Dor met sy dorpe, die inwoners van Ta'anakh met sy dorpe en die inwoners van Megiddo met sy dorpe, drie hoogtes, besit.
- 12 Die seuns van M'nasheh kon egter nie hierdie stede in besit neem nie omdat die Kena'aniete daarheen gevlug het en daarin gebly het.
- 13 Dit het gebeur, toe die seuns van Yisra'el sterker geword het dat hulle die Kena'aniete dwangarbeid laat doen het, maar hulle het hul nie geheel en al uitgedryf nie. ^{Gen 9:25-27}
- 14 Toe het die seuns van Yosef met Y'hoshua gepraat en gesê: "Waarom het u my net een lot en een aandeel gegee as erfenis terwyl ek 'n groot hoeveelheid mense is vir wie יהוה tot hiertoe geseën het?"
- 15 Y'hoshua het vir hulle gesê: "As jy 'n groot hoeveelheid mense is, trek dan op na die woud en kap vir jou daar 'n plek skoon in die land van die P'riziete en van die Refa'iete, aangesien die Bergland van Efrayim vir jou te nou is."
- 16 Die seuns van Yosef het gesê: "Die Bergland is nie genoeg vir ons nie en al die Kena'aniete wat in die valleie bly, het ysterwaens, beide dié wat in Beit-Sh'an met sy dorpe is en dié wat in die vallei van Yizre'el is."
- 17 Y'hoshua het met die huis van Yosef, met Efrayim en met M'nasheh gepraat en gesê: "Jy is 'n groot hoeveelheid mense en jy het groot krag; jy sal nie net een lot hê nie,
- 18 maar die Bergland sal joune wees, want alhoewel dit 'n woud is, sal jy dit skoon kap en dit sal joune wees tot by sy verste grense, want jy sal die Kena'aniete uitdryf, al het hy ysterwaens, al is hy sterk."
- 18** 1 Toe het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el by Shiloh bymekaargekom en daar die Tent van Ontmoeting opgeslaan en die land was voor hulle onderwerp.
- 2 Daar het onder die seuns van Yisra'el nog sewe stamme oorgebly aan wie nie hulle erfenis gegee is nie.
- 3 Toe sê Y'hoshua aan die seuns van Yisra'el: "Hoe lank sal julle uitstel om die land in te gaan en in besit te neem wat יהוה, die God van julle vaders, vir julle gegee het?"
- 4 Voorsien vir julleself drie manne uit elke stam sodat ek hulle kan uitstuur en dat hulle kan opstaan en deur die land loop en 'n beskrywing daarvan neerskryf volgens hulle erfenis; dan moet hulle na my toe terugkom.
- 5 Hulle moet dit in sewe dele verdeel; Y'hudah sal in sy gebied in die suide bly en die huis van Yosef sal in sy gebied in die noorde bly.
- 6 Julle moet die land in sewe afdelings beskryf en die beskrywing hier na my toe bring. Ek sal hier voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, vir julle die lot werp,
- 7 want die Leviëte het geen deel onder julle nie omdat die priesterskap van יהוה hulle erfenis is. Gad, Re'uven en die halwe stam van M'nasheh het ook hulle erfenis ontvang oorkant die Yarden in die ooste, wat Mosheh, die diensknecht van יהוה, vir hulle gegee het."

- 8 Die manne het toe opgestaan en gegaan en Y'hoshua het hulle wat gegaan het beveel en gesê: "Gaan en loop deur die land en beskryf dit en kom na my toe terug; dan sal ek hier voor יְהוָה in Shiloh vir julle die lot werp."
- 9 Die manne het gegaan en deur die land getrek en dit volgens stede op 'n boekrol beskryf in sewe afdelings en na Y'hoshua toe gekom in die kamp van Shiloh.
- 10 Y'hoshua het vir hulle die lot gewerp in Shiloh, voor יְהוָה en Y'hoshua het die land daar onder die seuns van Yisra'el verdeel, volgens hulle afdelings.
- 11 Die lot vir die stam van die seuns van Binyamin, volgens hulle families, het opgekom en die gebied van hulle lot het gelê tussen die seuns van Y'hudah en die seuns van Yosef.
- 12 Hulle grens aan die noordekant was vanaf die Yarden, dan loop die grens op na die noordelike kant van Yerigo en loop op deur die Bergland weswaarts en eindig by die wildernis van Beit-Aven.
- 13 Van daar af loop die grens aan na Luz, na die suide van Luz, (dit is, Beit-El) en dan het die grens af geloop na 'Atrot-Addar, naby die heuwel wat suid lê van laer Beit-Horon.
- 14 Die grens gaan verder van daar af met die see langs suidwaarts, vanaf die heuwel wat voor Beit-Horon lê aan die suidekant. Dit eindig by Kiryat-Ba'al, (dit is, Kiryat-Ye'arim), 'n stad van die seuns van Y'hudah. Hierdie was die westekant.
- 15 Die suidekant was vanaf die rand van Kiryat-Ye'arim en die grens het weswaarts geloop na die fontein van die waters van Neftoag.
- 16 Die grens het afgeloop na die rand van die heuwel wat in die Vallei van Ben-Hinnom is, wat noordwaarts in die Vallei van Refa'im lê en dit het af geloop na die Vallei van Hinnom, na die suidelike hang van die Y'vuzi en afgegaan na 'Ein-Rogel.
- 17 Dit het noordwaarts aangegaan tot by 'Ein-Shemesh en na G'lilot gegaan, wat oorkant Ma'aleh-Adumim lê en afgegaan na die klip van Bohan, die seun van Re'uven.
- 18 Dit het noordwaarts aangegaan na die kant voor die 'Aravah en afgeloop na die 'Aravah.
- 19 Die grens het noordwaarts aangeloop na die kant van Beit-Hoglah en die grens het geëindig by die noordelike baai van die Soutsee, aan die suidelike punt van die Yarden. Hierdie was die suidelike grens.
- 20 Verder was die Yarden sy grens aan die oostekant. Hierdie is die erfenis van die seuns van Binyamin, volgens hulle families en volgens sy grense rondom.
- 21 Die stede van die stam van die seuns van Binyamin, volgens hulle families, was: Yerigo, Bet-Hoglah, 'Emek-Ke'tzitz,
- 22 Beit-'Aravah, Tz'marayim, Beit-El,
- 23 'Awim, Parah, 'Ofrah,
- 24 K'far-Ha'Ammonah, 'Ofni, Geva: twaalf stede met hulle dorpe.
- 25 Giv'on, Ramah, Be'erot,
- 26 Mitzpeh, K'firah, Motzah,
- 27 Rekem, Yirpe'el, Tar'alah,

28 Tzela, Elef, Y'vusi, (dit is Yerushalayim), Giv'at en Kiryat: veertien stede met hulle dorpe. Hierdie is die erfenis van die seuns van Binyamin volgens hulle families.

19 1 Toe het die tweede lot op Shim'on geval, vir die stam van die seuns van Shim'on volgens hulle families en hulle erfenis was in die middel van die erfenis van die seuns van Y'hudah.

2 Hulle het as hulle erfenis: Be'er-Sh'va, Sh'va, Moladah,

3 Hatzar-Shu'al, Balah, 'Etzem,

4 El-Tolad, B'tul, Hormah,

5 Ziklag, Beit-Hammarkavot, Hatzar-Susah,

6 Beit-L'va'ot en Sharugen; dertien stede met hulle dorpe;

7 'Ayin, Rimmon, 'Eter en 'Ashan: vier stede met hulle dorpe

8 en al die dorpe wat rondom hierdie stede was, so ver as tot by Ba'alat-Be'er, Ramah van die Suidland (Negev) gekry. Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Shim'on volgens hulle families.

9 Die erfenis van die seuns van Shim'on het uit die deel van die seuns van Y'hudah gekom omdat die deel van die seuns van Y'hudah vir hulle te groot was; die seuns van Shim'on het dus 'n erfenis ontvang in die middel van Y'hudah se erfenis.

10 Nou die derde lot het opgekom vir die seuns van Z'vulun volgens hulle families. Die gebied van hulle erfenis was so ver as tot by Sarid.

11 Vandaar het hulle grens opgekoop na die weste na Mar'alah en geraak aan Dabbéshet en die spruit wat voor Yokne'am loop, bereik;

12 dan draai dit van Sarid af ooswaarts, na die sonsopkoms, so ver as die grens van Kislot-Tavor en aan na Dovrat en op na Yafia;

13 van daar af hou dit ooswaarts aan na die sonsopkoms, na Gat-Hefer, na 'Et-Katzin en loop aan na Rimmon wat uitstrek tot by Ne'ah.

14 Die grens loop rondom dit aan die noorde tot by Hannaton en eindig by die Vallei van Yiftag'el;

15 asook Kattat, Nahalal, Shimron, Yid'alah en Beit-Legem: twaalf stede met hulle dorpe.

16 Hierdie was die erfenis van die seuns van Z'vulun, volgens hulle families; hierdie stede met hulle dorpe.

17 Die vierde lot het op Yissakhar geval, vir die seuns van Yissakhar volgens hulle families;

18 hulle gebied was tot by Yizre'el en sluit in: K'sullot, Shunem,

19 Hafarayim, Shi'on, Anagarat,

20 Rabbit, Kishyon, Evetz,

21 Remet, 'Ein-Gannim, 'Ein-Hadda en Beit-Patzetz.

22 Die grens het geloop tot by Tavor, Shagatzimah en Beit-Shemesh en hulle gebied eindig by die Yarden: sestien stede met hulle dorpe.

23 Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Yissakhar, volgens hulle families; die stede met hulle dorpe.

24 Die vyfde lot het op die stam van die seuns van Asher geval, volgens hulle families.

25 Hulle gebied was: Helkat, Hali, Beten, Akhshaf,

- 26 Allammelekh, 'Am'ad en Mish'al en dit het weswaarts gekom tot by Karmel en tot by Shigor-Livnat.
- 27 Dit draai na die ooste, na Beit-Dagon en tot by Z'vulun en die Vallei van Yiftag-El, noordwaarts tot by Beit-'Emek en Ne'i'el; dan hou dit aan noord tot by Kavul,
- 28 'Evron, Regov, Hammon en Kanah tot so ver as Groot-Tzidon.
- 29 Die grens draai na Ramah en na die vestingstad Tzor; dan draai die grens na Hosah en eindig by die see, by die streek van Akhziv,
- 30 'Ummah, Afek en Regov: twee en twintig stede met hulle dorpe.
- 31 Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Asher, volgens hulle families; hierdie stede met hulle dorpe.
- 32 Die sesde lot het op die seuns van Naftali geval, vir die seuns van Naftali, volgens hulle families;
- 33 hulle grens was vanaf Helef, vanaf die eikeboom by Tza'ananim, Adami-Nekev en Yavne'el tot so ver as Lakkum en dit eindig by die Yarden.
- 34 Dan draai die grens weswaarts na Aznot-Tavor en loop daarvandaan aan na Hukkok en bereik Z'vulun in die suide en raak aan Asher in die weste en aan Y'hudah, na die ooste toe, by die Yarden.
- 35 Die versterkte stede is: Tziddim, Tzer, Hammat, Rakkat, Kinneret,
- 36 Adamah, Ramah, Hatzor,
- 37 Kedes, Edre'i, 'Ein-Hatzor,
- 38 Yir'on, Migdal-El, Horem, Beit-'Anat en Beit-Shemesh: negentien stede met hulle dorpe.
- 39 Dit is die erfenis van die stam van die seuns van Naftali, volgens hulle families; die stede met hulle dorpe.
- 40 Die sewende lot het geval op die stam van die seuns van Dan, volgens hulle families.
- 41 Die gebied van hulle erfenis was: Tzor'ah, Eshta'ol, 'Ir-Shemesh,
- 42 Sha'alabin, Ayalon, Yitlah,
- 43 Eilon, Timnah, 'Ekron,
- 44 Elt'keh, Gibb'ton, Ba'alat,
- 45 Y'hud, B'nei-Berak, Gat-Rimmon,
- 46 Me-Yarkon en Rakkon, saam met die gebied teenoor Yafo.
- 47 Die gebied van die seuns van Dan was nie voldoende vir hulle nie; daarom het die seuns van Dan opgetrek en teen Leshem geveg en dit ingeneem. Toe het hulle dit met die skerpte van die swaard verslaan, dit in besit geneem en daarin gebly en hulle het Leshem Dan genoem volgens die naam van hulle vader, Dan.
- 48 Hierdie is die erfenis van die stam van die seuns van Dan, volgens hulle families; hierdie stede met hulle dorpe.
- 49 Toe hulle klaar die land volgens sy grense as erfenis verdeel het, het die seuns van Yisra'el aan Y'hoshua, die seun van Nun, 'n erfenis tussen hulle gegee.
- 50 Volgens die bevel van יהוה het hulle vir hom die stad gegee wat hy gevra het, Timnat-Serag op die Bergland van Efrayim. Hy het die stad opgebou en daarin gaan bly.

51 Dit is die erfenisse wat El'azar, die priester, Y'hoshua, die seun van Nun en die familiehoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el as erfenis uitgedeel het deur die lot, in Shiloh, voor die Teenwoordigheid van יהוה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting. So het hulle klaar die land verdeel.

20 1 Toe het יהוה met Y'hoshua gepraat en gesê:

2 “Praat met die seuns van Yisra'el en sê: ‘Wys die stede van ontvlugting aan, waarvan Ek deur die diens van Mosheh met julle gepraat het

3 sodat hy wat doodslag begaan het, wat enige persoon onopsetlik, sonder voorbedagde rade doodgemaak het, daarheen kan vlug en hulle sal vir julle dien as toevlugsoord vanweë die bloedwreker.

4 Hy moet na een van hierdie stede vlug en gaan staan by die ingang van die stadspoort en sy saak voor die ore van die oudstes van daardie stad stel en hulle moet hom by hulle in die stad inneem en aan hom plek gee sodat hy tussen hulle kan bly.

5 Nou, as die bloedwreker hom agternajaag, mag hulle hom wat die doodslag begaan het, nie in sy hand uitlewer nie omdat hy sy naaste sonder opset doodgemaak het en hom nie vroeër gehaat het nie.

6 Hy moet in daardie stad bly totdat hy voor die vergadering gestaan het vir beoordeling en tot die dood van die een wat hoofpriester is in daardie dae; dan moet hy wat die doodslag begaan het, teruggaan na sy eie stad en sy eie huis, na die stad vanwaar hy gevlug het’.”

7 Hulle het Kedesh in die Galil, in die Bergland van Naftali, Sh'khem in die Bergland van Efrayim en Kiryat-Arba, (dit is Hevron), op die Bergland van Y'hudah, afgesonder.

8 Oorkant die Yarden, oos van Yerigo, het hulle Betzer in die wildernis, wat op die vlakte is, uit die stam van Re'uven; Ramoth in Gil'ad, uit die stam van Gad en Golan in Bashan uit die stam van M'nasheh, aangestel.

9 Hierdie is die aangestelde stede vir al die seuns van Yisra'el en vir die vreemdeling wat onder hulle besoek sodat elkeen wat per ongeluk 'n mens doodgemaak het, daarheen kan vlug en nie hoef te sterf deur die hand van die bloedwreker voordat hy voor die vergadering gestaan het nie.

21 1 Toe het die familiehoofde van die Leviëte nader gekom na El'azar, die priester, na Y'hoshua, die seun van Nun en na die familiehoofde van die stamme van die seuns van Yisra'el.

2 Hulle het met hulle gepraat by Shiloh, in die land Kena'an en gesê: “יהוה het deur Mosheh beveel dat aan ons stede gegee moet word om in te bly, met hulle weivelde vir ons vee.”

3 Die seuns van Yisra'el het volgens die bevel van יהוה, uit hulle erfenis, die volgende stede met hulle weivelde vir die Leviëte gegee:

4 die lot het op die families van die K'hatiete geval en die seuns van Aharon, die priester, wat van die Leviëte is, het dertien stede deur die lot ontvang vanuit die stam van Y'hudah, uit die stam van Shim'on en uit die stam van Binyamin.

- 5 Die res van die seuns van K'hat het tien stede deur die lot ontvang vanuit die families van die stam van Efrayim, uit die stam van Dan en uit die halwe stam van M'nasheh.
- 6 Die seuns van Gershon het dertien stede deur die lot ontvang vanuit die families van die stam van Yissakhar, uit die stam van Asher, uit die stam van Naftali en uit die halwe stam van M'nasheh, in Bashan.
- 7 Die seuns van M'rari, volgens hulle families het twaalf stede ontvang vanuit die stam van Re'uven, uit die stam van Gad en uit die stam van Z'vulun.
- 8 Nou, die seuns van Yisra'el het aan die Leviëte hierdie stede met hulle weivelde deur die lot gegee, soos יְהוָה deur Mosheh beveel het.
- 9 Hulle het hierdie stede by name gegee vanuit die stam van die seuns van Y'udah en uit die stam van die seuns van Shim'on;
- 10 hulle was vir die seuns van Aharon, een van die families van die K'hatiete, uit die seuns van Levi, want die eerste lot was vir hulle.
- 11 So het hulle vir hul gegee: Kiryat-Arba, (Arba was die vader van `Anak, dit is Hevron), op die Bergland van Y'udah, met sy omringende weivelde,
- 12 maar die landerye van die stad, met sy dorpe, het hulle aan Kalev, die seun van Y'funneh, as sy besitting gegee.
- 13 Aan die seuns van Aharon, die priester, het hulle gegee: Hevron, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, met sy weivelde, Livnah met sy weivelde,
- 14 Yattir met sy weivelde, Esht'moa met sy weivelde,
- 15 Holon met sy weivelde, D'vir met sy weivelde,
- 16 `Ayin met sy weivelde, Yuttah met sy weivelde en Beit-Shemesh met sy weivelde: nege stede vanuit hierdie twee stamme.
- 17 Vanaf die stam van Binyamin: Giv'on met sy weivelde, Geva met sy weivelde,
- 18 `Anatot met sy weivelde en `Almon met sy weivelde: vier stede.
- 19 Al die stede van die seuns van Aharon, die priesters, was dertien stede met hulle weivelde.
- 20 Toe is die stede vanaf die stam van Efrayim deur die lot aangewys aan die families van die seuns van K'hat, die Leviëte, aan die res van die seuns van K'hat.
- 21 Hulle het vir hulle gegee: Sh'khem, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, met sy weivelde op die Bergland van Efrayim, Gezer met sy weivelde,
- 22 Kivtzayim met sy weivelde en Beit-Horon met sy weivelde: vier stede.
- 23 Vanuit die stam van Dan: Elt'keh met sy weivelde, Gibb'ton met sy weivelde,
- 24 Ayalon met sy weivelde en Gat-Rimmon met sy weivelde: vier stede.
- 25 Vanuit die helfte van die stam van M'nasheh: Ta'anakh met sy weivelde en Gat-Rimmon met sy weivelde: twee stede.
- 26 Al die stede met hulle weivelde vir die families van die res van die seuns van K'hat was tien.
- 27 Aan die seuns van Gershon, een van die families van die Leviëte, is gegee vanaf die halwe stam van M'nasheh: Golan, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, in Bashan, met sy weivelde en B'esht'rah met sy weivelde: twee stede.
- 28 Vanuit die stam van Yissakhar: Kishyon met sy weivelde, Dovrat met sy weivelde,

- 29 Yarmut met sy weivelde, 'Ein-Gannim met sy weivelde: vier stede.
- 30 Vanuit die stam van Asher: Mishal met sy weivelde, 'Avdon met sy weivelde,
- 31 Helkat met sy weivelde en Regov met sy weivelde: vier stede.
- 32 Vanuit die stam van Naftali: Kedesh in die Galil, die vrystad vir hom wat manslag begaan het met sy weivelde, Hammot-Dor met sy weivelde en Kartan met sy weivelde: drie stede.
- 33 Al die stede van die Gershoniete, volgens hulle families, was dertien stede met hulle weivelde.
- 34 Aan die families van die seuns van M'rari, die res van die Leviëte, vanaf die stam van Z'vulun: Yokne'am met sy weivelde, Kartah met sy weivelde,
- 35 Dimnah met sy weivelde, Nahalal met sy weivelde: vier stede.
- 36 Vanuit die stam van Re'uven: Betzer met sy weivelde, Yagtzah met sy weivelde,
- 37 K'demot met sy weivelde en Mefa'at met sy weivelde: vier stede.
- 38 Vanuit die stam van Gad: Ramot in Gil'ad, die vrystad vir hom wat manslag begaan het, met sy weivelde, Maganayim met sy weivelde,
- 39 Heshbon met sy weivelde en Ya'zer met sy weivelde: altesaam vier stede.
- 40 Al hierdie was die stede vir die seuns van M'rari, volgens hulle families, die res van die families van die Leviëte en hulle lot was twaalf stede.
- 41 Al die stede van die Leviëte, tussen die besitting van die seuns van Yisra'el, was agt en veertig stede met hulle weivelde.
- 42 Elkeen van hierdie stede het weivelde rondom hulle gehad; so was dit met al hierdie stede.
- 43 So het יהוה dan die hele land aan Yisra'el gegee wat Hy met 'n eed beloof het om aan hulle vaders te gee en hulle het dit in besit geneem en daarin gaan bly.
- 44 יהוה het hulle rus gegee aan alle kante volgens alles wat Hy hulle vaders met 'n eed beloof het en niemand van al hul vyande het voor hulle bly staan nie; יהוה het al hulle vyande in hulle hand gegee.
- 45 Nie een van die goeie beloftes wat יהוה aan die huis van Yisra'el gemaak het, het on vervuld gebly nie; alles het so gebeur.

22 1 Toe het Y'hoshua die Re'uveniete, die Gadiëte en die halwe stam van M'nasheh laat roep

- 2 en vir hulle gesê: “Julle het alles onderhou wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle beveel het en julle het na my stem geluister in alles wat ek julle beveel het.
- 3 Julle het nie jul broers in die steek gelaat nie, al hierdie dae tot vandag toe, maar julle het die opdragte van יהוה, julle God, gehou.
- 4 Nou het יהוה, julle God, jul broers rus gegee, soos Hy vir hulle gesê het; daarom, draai nou om en gaan na julle tente toe, na die land van julle besitting wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle oorkant die Yarden gegee het.
- 5 Wees net baie versigtig om die opdragte en die wet, wat Mosheh, die kneg van יהוה, julle beveel het, te onderhou, om יהוה, julle God, lief te hê en in al Sy paaie te loop en Sy opdragte te onderhou en aan Hom vas te hou en Hom te dien met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees.” Deut 6:4-8; Mat 22:37-40; Yog 7:19; Hand 24:14; 25:8

- 6 So het Y'hoshua hulle geseën en hulle weggestuur en hulle het na hul tente toe gegaan.
- 7 Aan die een helfte van die stam van M'nasheh het Mosheh in Bashan 'n erfenis gegee, maar aan die ander helfte daarvan het Y'hoshua 'n deel gegee saam met hulle broers, weswaarts anderkant die Yarden. Toe Y'hoshua hulle weggestuur het na hul tente toe, het hy hulle geseën
- 8 en vir hulle gesê: "Gaan terug na julle tente met groot rykdomme en 'n menigte van vee, met silwer, goud, koper, yster en baie klere; deel die buit van julle vyande met julle broers."
- 9 Die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het teruggegaan huis toe en weggetrek van die seuns van Yisra'el af, by Shiloh wat in die land Kena'an lê, om na die land Gil'ad te gaan, na die land van hulle besitting wat hulle in besit geneem het, volgens die bevel van יהוה, deur Mosheh.
- 10 Toe hulle kom by die streek van die Yarden, wat in die land Kena'an lê, het die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh daar 'n altaar gebou by die Yarden, 'n altaar groot van aansien.
- 11 Die seuns van Yisra'el het gehoor dat dit gesê word: "Let op, die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh het 'n altaar gebou op die grens van die land Kena'an, in die streek van die Yarden, aan die kant wat behoort aan die seuns van Yisra'el."
- 12 Toe die seuns van Yisra'el dit hoor, het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el bymekaargekom in Shiloh om teen hulle op te trek in oorlog.
- 13 Toe het die seuns van Yisra'el vir Pingas, die seun van El'azar, die priester, na die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh, in die land van Gil'ad gestuur
- 14 en tien leiers saam met hom, een leier vir elke vader se familie, van elkeen van die stamme van Yisra'el en hulle was elkeen die familiehoof van die stamme van Yisra'el.
- 15 Hulle het by die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh in die land Gil'ad gekom en met hulle gepraat en gesê:
- 16 "So sê die hele vergadering van יהוה: 'Wat is hierdie ontrou daad wat julle begaan het teen die God van Yisra'el, dat julle vandag weggedraai het daarvan om יהוה te volg deur vir julle 'n altaar te bou, deur vandag teen יהוה te rebelleer?
- 17 Is die boosheid by P'or vir ons nog nie genoeg nie; waarvan ons tot vandag toe ons nie gereinig het nie, alhoewel 'n plaag oor die vergadering van יהוה gekom het;
- 18 as julle vandag wegdraai daarvan om יהוה te aanbid, as julle vandag teen יהוה rebelleer sal Hy môre woedend wees met die hele vergadering van Yisra'el.
- 19 As die land van julle besitting egter onrein is, trek dan oor na die land van die besitting van יהוה, waar die tabernakel van יהוה staan en neem besit onder ons. Moet net nie teen יהוה rebelleer nie, of teen ons rebelleer deur vir julleself 'n altaar te bou, naas die altaar van יהוה, ons God, nie.
- 20 Het 'Akhan, die seun van Zerag, nie ontrou gehandel teenoor die bangoed en die toorn het oor die hele vergadering van Yisra'el gekom nie? Daardie man het nie alleen in sy boosheid omgekom nie.'"

- 21 Toe het die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die halwe stam van M'nasheh geantwoord en aan die stamhoofde van Yisra'el gesê:
- 22 “Die Magtige God, יהוה, die Magtige God, יהוה! Hy weet en mag Yisra'el self weet: as dit in rebellie of deur 'n ontrou daad teen יהוה was, moet ons nie op dié dag red nie!
- 23 As ons vir ons 'n altaar gebou het om van יהוה af weg te draai, of as dit was om 'n brandoffer of graanoffer op te bring, of om daarop vredesoffers te bring, mag יהוה self dit opeis,
- 24 maar waarlik, ons het dit uit respekvolle vrees vir Hom gedoen en gesê: ‘In die toekoms sou julle seuns vir ons seuns sê: “Wat het julle te doen met יהוה, die God van Yisra'el?
- 25 יהוה het die Yarden 'n grens gemaak tussen ons en julle, seuns van Re'uven en seuns van Gad; julle het geen deel in יהוה nie?” So sal julle seuns maak dat ons seuns יהוה nie meer vrees nie.’
- 26 Dit is daarom dat ons gesê het: ‘Laat ons 'n altaar bou, nie vir brandoffers of vir offers nie,
- 27 maar dit sal eerder 'n getuie wees tussen ons en julle en ons geslagte ná ons dat ons die diens van יהוה moet uitvoer voor Hom met ons brandoffers, ons offers en ons vredesoffers sodat julle seuns nie in die toekoms vir ons seuns kan sê: ‘Julle het geen deel in יהוה nie.’
- 28 Ons het daarom gesê: ‘Dit sal ook gebeur as hulle dit in die toekoms aan ons en ons geslagte sou sê, sal ons sê: “Kyk na die model van die altaar van יהוה wat ons vaders gemaak het, nie vir brandoffers of vir offers nie, maar eerder as 'n getuie tussen ons en julle.”
- 29 Dit is ver van ons dat ons sou rebelleer teen יהוה en op die dag wegdraai daarvan om יהוה te volg, deur 'n altaar te bou vir brandoffers, graanoffers en offers, naas die altaar van יהוה, ons God, wat voor Sy tabernakel staan.”
- 30 Toe Pingas, die priester en die leiers van die vergadering, die stamhoofde van Yisra'el wat saam met hom was, die woorde hoor wat die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die seuns van M'nasheh gesê het, het dit hulle tevredegestel.
- 31 Pingas, die seun van El'azar, die priester, sê vir die seuns van Re'uven, die seuns van Gad en die seuns van M'nasheh: “Vandag weet ons dat יהוה in ons midde is omdat julle nie hierdie daad van ontrou teen יהוה begaan het nie; nou het julle die seuns van Yisra'el bevry uit die hand van יהוה.”
- 32 Toe het Pingas, die seun van El'azar, die priester en die leiers teruggekeer vanaf die seuns van Re'uven en die seuns van Gad uit die land Gil'ad na die land Kena'an, na die seuns van Yisra'el en vir hulle die boodskap gebring.
- 33 Die boodskap het die seuns van Yisra'el bly gemaak en die seuns van Yisra'el het God geprys en hulle het nie gepraat daarvan om teen hulle op te trek in oorlog, om die land waarin die seuns van Re'uven en die seuns van Gad gebly het, te verwoes, nie.
- 34 Die seuns van Re'uven en die seuns van Gad het die altaar “Ed” (Getuie) genoem, want “dit is getuie tussen ons dat יהוה God is.”

- 23** 1 Dit het na 'n geruime tyd, toe יהוה aan Yisra'el rus gegee het van al sy vyande aan elke kant en Y'hoshua oud en ver gevorderd in jare was, gebeur
- 2 dat Y'hoshua die hele Yisra'el laat roep het, sy oudstes en sy hoofde en sy regters en sy leiers en vir hulle gesê het: "Ek is oud, ver gevorderd in jare
- 3 en julle het gesien wat יהוה, julle God, alles aan al hierdie nasies gedoen het om julle ontwil, want יהוה, julle God, is Hy wat vir julle geveg het.
- 4 Kyk, ek het hierdie nasies wat nog oorgebly het, as erfenis tussen julle stamme verdeel, saam met al die nasies wat ek afgesny het, vanaf die Yarden, selfs tot by die Groot See, na waar die son ondergaan.
- 5 יהוה, julle God, Hy sal hulle voor julle uitgooi en hulle voor julle uit verdryf en julle sal hulle land in besit neem soos יהוה, julle God, julle beloop het.
- 6 Wees onveranderlik daarin om alles te hou en te doen wat geskryf is in die boek van die wet van Mosheh sodat julle daar nie regs of links van afdraai nie
- 7 sodat julle nie met hierdie nasies wat tussen julle oorgebly het, assosieer of die naam van hulle gode noem nie, of enige een by hulle laat sweer of hulle dien of voor hulle neerbuig nie,
- 8 maar julle moet aan יהוה, julle God, vashou soos julle tot vandag toe gedoen het,
- 9 want יהוה het groot en magtige nasies voor julle uit verdryf en wat julle betref, niemand kon tot vandag toe voor julle staan nie.
- 10 Een man uit julle het 'n duisend laat vlug, want יהוה, julle God, is Hy wat vir julle veg, net soos Hy julle beloop het.
- 11 Let ywerig op na julleself om יהוה, julle God, lief te hê,
- 12 want as julle ooit mag teruggaan en aan die res van hierdie nasies vashou, die wat nog saam met julle oorgebly het en ondertrou met hulle sodat julle met hulle en hulle met julle assosieer,
- 13 weet dan met sekerheid dat יהוה, julle God, nie sal voortgaan om hierdie nasies voor julle uit te verdryf nie, maar hulle sal vir julle 'n vangnet en 'n strik wees en 'n sweep op julle sye en dorings in julle oë totdat julle omkom in hierdie goeie land wat יהוה, julle God, aan julle gegee het.
- 14 Nou, let op, ek gaan vandag die pad van die hele aarde en julle weet met julle hele verstand, wil en emosie en met jul hele gees dat nie een woord van al die goeie woorde wat יהוה, julle God, aangaande julle gepraat het, onvervuld gebly het nie; alles is vir julle vervul, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.
- 15 Dit sal gebeur dat net soos al die goeie woorde oor julle gekom het wat יהוה, julle God, oor julle gepraat het, so sal יהוה oor julle al die dreigemente laat kom totdat Hy julle vernietig het uit hierdie goeie land wat יהוה, julle God, aan julle gegee het,
- 16 as julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy julle beveel het, oortree en ander gode gaan dien en julle voor hulle neerbuig, dan sal die woede van יהוה teen julle opvlam en julle sal gou omkom in die goeie land wat Hy aan julle gegee het."

- 24** 1 Toe het Y'hoshua al die stamme van Yisra'el bymekaar laat kom by Sh'khem en die oudstes van Yisra'el, hulle hoofde, regters en hulle leiers laat roep en hulle het hulself voor God aangebied.
- 2 Y'hoshua het vir al die mense gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra'el: ‘Van antieke tye af het julle vaders oorkant die Rivier (Eufraat) gebly; Terag, die vader van Avraham en die vader van Nagor en hulle het ander gode gedien.
- 3 Toe het Ek julle vader Avraham, van oorkant die Rivier af, gevat en hom deur die hele land Kena'an laat trek en sy nageslag vermeerder en Yitz'gak vir hom gegee.
- 4 Aan Yitz'gak het Ek Ya'akov en 'Esav gegee en aan 'Esav het Ek die Se'ir gebergte gegee, om dit te besit, maar Ya'akov en sy seuns het afgestaan na Mitzrayim.
- 5 Toe het Ek Mosheh en Aharon gestuur en Mitzrayim geteister met wat ek onder hulle gedoen het en daarna het Ek julle uitgebring.
- 6 Ek het julle vaders uit Mitzrayim uitgebring en julle het by die see gekom en die Mitzrayimiete het agter julle vaders aangejaag met strydwaens en perderuiters na die Sufsee toe,
- 7 maar toe julle vaders uitgeroep het na יהוה, het Hy duisternis gesit tussen julle en die Mitzrayimiete en toe het יהוה die see laat verdeel en julle vaders daar deur laat kom en die see oor die Mitzrayimiete laat kom en hulle oordek en julle eie oë het gesien wat Ek in Mitzrayim gedoen het. Julle het in die wildernis gebly vir 'n lang tyd.
- 8 Toe het Ek julle gebring in die land van die Emoriete wat oorkant die Yarden gebly het en hulle het teen julle geveg en Ek het hulle in julle hand gegee en julle het hul land in besit geneem toe Ek hulle voor julle uit vernietig het.
- 9 Toe het Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo'av, opgestaan en teen Yisra'el geveg en hy het gestuur en Bil'am, die seun van B'or, geroep om julle te vervloek,
- 10 maar Ek was nie gewillig om na Bil'am te luister nie. Hy moes julle seën en Ek het julle uit sy hand gered.
- 11 Julle het oor die Yarden getrek en by Yerigo gekom en die burgers van Yerigo het teen julle geveg, asook die Emoriete, P'riziete, Kena'aniete, Hittiete, Girgashiete, Hiviete en Y'vusiete. So het Ek hulle in julle hand gegee.
- 12 Toe het Ek die perdebye voor julle uit gestuur en die twee konings van die Emoriete voor julle uit verdryf, nie deur jou swaard of jou boog nie.
- 13 Ek het vir julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie en stede wat julle nie gebou het nie en julle het daarin gebly; julle eet van wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie.’
- 14 Vrees יהוה daarom respekvol en dien Hom in opregtheid en waarheid en verwyder die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier en in Mitzrayim gedien het en dien יהוה.
- 15 As dit onaanvaarbaar is in julle oë om יהוה te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders oorkant die Eufraatrivier gedien het, òf die gode van die Emoriete in wie se land julle woon, maar ek en my huis, ons sal יהוה dien.”

- 16 Die volk antwoord en sê: “Dit is ver van ons dat ons יהוה sou verlaat om ander gode te dien,
- 17 want יהוה, ons God, is Hy wat ons en ons vaders uit die land van Mitzrayim uit die huis van slawerny gebring het en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en tussen al die volke waardeur ons getrek het.
- 18 יהוה het al die volke voor ons uit verdryf, selfs die Emoriete wat in die land gebly het. Ook ons sal יהוה dien, want Hy is ons God.”
- 19 Toe sê Y'hoshua vir die volk: “Julle sal nie in staat wees om יהוה te dien nie, want Hy is 'n afgesonderde God. Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortredinge en julle sondes nie vergewe nie.
- 20 As julle יהוה verlaat en vreemde gode dien, sal Hy omdraai en julle kwaad aandoen en julle verteer nadat Hy vroeër aan julle goed gedoen het.”
- 21 Die volk het vir Y'hoshua gesê: “Nee, maar ons sal יהוה dien.”
- 22 Y'hoshua het vir die volk gesê: “Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself יהוה gekies het om Hom te dien.” Hulle sê: “Ons is getuies.”
- 23 “Nou daarom, verwyder die vreemde gode wat tussen julle is en reik uit met julle verstand, wil en emosie tot יהוה, die God van Yisra'el.”
- 24 Die volk het vir Y'hoshua gesê: “Ons sal יהוה, ons God, dien en ons sal Sy stem gehoorsaam.”
- 25 Y'hoshua het op dié dag met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle die vasgestelde wet en regverdige oordele in Sh'khem geleer. Gen 33:19; Y'ho 21:21; Yog 4:5
- 26 Y'hoshua het hierdie woorde in die boek van die wet van God geskryf en 'n groot klip gevat en dit daar opgerig onder die eikeboom wat by die Afgesonderde Plek van יהוה was.
- 27 Y'hoshua het vir die hele volk gesê: “Let op, hierdie klip sal as 'n getuie teen ons wees, want dit het al die woorde van יהוה gehoor wat Hy met ons gepraat het; so sal dit as 'n getuie teen julle wees sodat julle jul God nie ontken nie.”
- 28 Toe het Y'hoshua die volk laat gaan, elkeen na sy erfenis toe.
- 29 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Y'hoshua, die seun van Nun, die dienskneg van יהוה, gesterf het, een honderd en tien jaar oud.
- 30 Hulle het hom op die grondgebied van sy erfenis begrawe in Timnat-Serag, wat op die Bergland van Efrayim lê, noord van die berg Ga'ash.
- 31 Yisra'el het יהוה gedien al die dae van Y'hoshua en al die dae van die oudstes wat Y'hoshua oorleef het en al die werke van יהוה geken het wat Hy vir Yisra'el gedoen het.
- 32 Nou, hulle het die bene van Yosef, wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim gebring het, by Sh'khem, op die stuk grond wat Ya'akov van die seuns van Hamor, die vader van Sh'khem, vir honderd geldstukke gekoop het en wat die erfenis van die seuns van Yosef geword het, begrawe. Hand 7:16
- 33 El'azar, die seun van Aharon, het gesterf en hulle het hom by Giv'on, van sy seun Pingas, wat aan hom gegee is, op die Bergland van Efrayim, begrawe.

Die sewende boek van die Verbond (Tanakh)

Die tweede boek van die Profete

Die tweede boek van die Vroeëre Profete

Shof'tim

(Rigters)

(שופטים - shof'tim = regters / heersers)

Yisra'el se geskiedenis van ongeveer 299 jaar onder die rigters, leiers en regters, wat geheers het oor die volk. Die skrywer is onbekend.

- 1 1 Nou, dit het gebeur na die dood van Y'hoshua dat die seuns van Yisra'el יִשְׂרָאֵל geraadpleeg en gesê het: "Wie van ons moet eerste optrek teen die Kena'aniete om teen hulle te veg?"
- 2 יִהוּדָה het gesê: "Y'hudah moet optrek; let op, Ek het die land in sy hand gegee."
- 3 Toe sê Y'hudah aan sy broer Shim'on: "Trek saam met my op in die gebied wat aan my toegestaan is dat ons teen die Kena'aniete kan veg en ek sal op my beurt saam met jou optrek in die gebied wat aan jou toegestaan is." Shim'on het saam met hom gegaan.
- 4 Y'hudah het opgetrek en יִהוּדָה het die Kena'aniete en P'riziete in hulle hand gegee en hulle het tien duisend man by Bezek verslaan.
- 5 Hulle het vir Adoni-Bezek in Bezek gekry en teen hom geveg en die Kena'aniete en P'riziete verslaan,
- 6 maar Adoni-Bezek het gevlug en hulle het hom agtervolg en hom gevang en sy duime en sy groottone afgesny.
- 7 Adoni-Bezek het gesê: "Sewentig konings met hulle duime en groottone afgekap, het onder my tafel stukkie opgetel; soos ek gedoen het, so het God my vergeld." Hulle het hom na Yerushalayim gebring en daar is hy dood.
- 8 Die seuns van Y'hudah het teen Yerushalayim geveg en dit ingeneem en dit met die skerpte van die swaard verslaan en die stad aan die brand gestee.
- 9 Daarna het die seuns van Y'hudah afgetrek om te veg teen die Kena'aniete wat op die Bergland, in die Suidland en in die Laagland gewoon het.
- 10 So het Y'hudah teen die Kena'aniete uitgetrek wat in Hevron gebly het (die naam van Hevron was vroeër Kiryat-Arba) en hulle het Sheshai, Agiman en Talmai verslaan.
- 11 Toe het hy van daar teen die inwoners van D'vir opgetrek (die naam van D'vir was vroeër Kiryat-Sefer).
- 12 Kalev het gesê: "Die een wat Kiryat-Sefer aanval en inneem, aan hom sal ek my dogter 'Akhsah as vrou gee."
- 13 'Otni'el, die seun van K'naz, Kalev se jonger broer, het dit ingeneem; hy het sy dogter 'Akhsah vir hom as vrou gegee.
- 14 Toe sy by hom aankom, het sy hom oortuig om van haar vader 'n stuk grond te vra. Sy het van die donkie afgeklim en Kalev vra vir haar: "Wat wil jy hê?"
- 15 Toe sê sy: "Gee vir my 'n seën, aangesien u vir my die Suidland (Negev) gegee het, gee ook vir my waterfontein." Hy het vir haar die boonste en die onderste fontein gegee.
- 16 Die nageslag van die Keiniete, van Mosheh se skoonvader, het saam met die seuns van Y'hudah opgegaan vanaf die Palmstad na die wildernis van Y'hudah wat in die suide van 'Arad lê en hulle het gegaan en saam met die volk gebly.
- 17 Toe het Y'hudah saam met sy broer Shim'on gegaan en hulle het die Kena'aniete verslaan wat in Tz'fat gebly het en dit volkome vernietig; daarom is die stad Hormah genoem.
- 18 Y'hudah het 'Azah met sy grondgebied, Ashkelon met sy grondgebied en 'Ekron met sy grondgebied ingeneem.

- 19 יהודה was by Y'hudah en hulle het die Bergland in besit geneem, maar hulle kon nie die inwoners van die vallei uitdryf nie omdat hulle ysterwaens gehad het. ^{Y'ho 17:16-}
- 20 Toe het hulle Hevron aan Kalev gegee, soos Moshah belowe het en hy het die drie seuns van 'Anak daar uitgedryf,
- 21 maar die seuns van Binyamin het nie die Y'vusiëte uitgedryf wat in Yerushalayim gebly het nie; die Y'vusiëte het saam met die seuns van Binyamin in Yerushalayim gebly tot vandag toe.
- 22 Net so het die huis van Yosef opgegaan teen Beit-El en יהודה was by hulle.
- 23 Die huis van Yosef het Beit-El verken (die naam van die stad was vroeër Luz).
- 24 Die spioene het 'n man uit die stad sien uitkom en hulle sê vir hom: "Wys ons asseblief 'n ingang in die stad in en ons sal jou goed behandel."
- 25 Hy wys hulle toe die ingang na die stad en hulle het die stad verslaan met die skerpte van die swaard, maar die man en sy hele familie het hulle vry laat gaan.
- 26 Die man het na die land van die Hittiete gegaan en 'n stad gebou en dit Luz genoem, wat sy naam tot vandag toe is.
- 27 M'nasheh het egter nie besit geneem van Beit-Sh'an en sy dorpe, of Ta'anakh met sy dorpe, of die inwoners van Dor met sy dorpe, of die inwoners van Yivle'am met sy dorpe, of die inwoners van Megiddo met sy dorpe nie; die Kena'aniete het voortgegaan om in daardie land te bly.
- 28 Dit het gebeur dat toe Yisra'el sterk word, hulle die Kena'aniete dwangarbeiders gemaak het, maar hulle het hulle nie volkome uitgedryf nie.
- 29 Efrayim het nie die Kena'aniete wat in Gezer gebly het verdryf nie; die Kena'aniete het in Gezer tussen hulle gebly.
- 30 Z'vulun het nie die inwoners van Kitron of die inwoners van Nahalol uitgedryf nie; die Kena'aniete het tussen hulle gebly en is onderwerp aan dwangarbeid.
- 31 Asher het nie die inwoners van 'Akko of die inwoners van Tzidon, Aglav, Akhziv, Helbah, Afik of Regov uitgedryf nie;
- 32 die Asheriete het tussen die Kena'aniete, die bevolking van die land, gebly, want hulle het hulle nie uitgedryf nie.
- 33 Naftali het nie die inwoners van Beit-Shemesh of die inwoners van Beit-'Anat uitgedryf nie, maar tussen die Kena'aniete, die inwoners van die land gebly en die inwoners van Beit-Shemesh en Beit-'Anat het vir hulle dwangarbeid geword.
- 34 Toe het die Emoriete die seuns van Dan in die Bergland in geforseer, want hulle het hul nie toegelaat om na die vallei toe af te kom nie;
- 35 tog het die Emoriete voortgegaan om op die berg Heres, in Ayalon en in Sha'alvim te bly, maar toe die krag van die huis van Yosef sterk word, het hulle dwangarbeid geword.
- 36 Die grens van die Emoriete het geloop vanaf die opgaan na 'Akrabbim, vanaf Selah af en verder op.

- 2 ¹ Die boodskapper van יהוה het van Gilgal af opgekom na Bokhim en gesê: “Ek het julle uit Mitzrayim uitgebring en julle in die land ingelei wat Ek julle vaders met 'n eed belooft het en gesê: ‘Ek sal nooit My verbond met julle verbreek nie, maar wat julle betref, julle mag geen verbond met die inwoners van hierdie land sluit nie; julle moet hulle altare afbreek.’ Maar julle het My nie gehoorsaam nie; wat is hierdie wat julle gedoen het?
- 3 Ek het daarom ook gesê: ‘Ek sal hulle nie voor julle uit verdryf nie, maar hulle sal soos dorings in julle sye wees en hulle gode vir julle 'n valstrik.’” ^{Y'ho 23 & 24}
- 4 Toe die boodskapper van יהוה al hierdie woorde met die seuns van Yisra'el praat, het al die mense hulle stemme opgelig en gehuil.
- 5 Hulle het dié plek Bokhim genoem en daar aan יהוה geoffer.
- 6 Toe Y'hoshua die volk laat gaan het, het die seuns van Yisra'el elkeen na sy erfenis gegaan om die land in besit te neem.
- 7 Die volk het יהוה gedien al die dae van Y'hoshua en al die dae van die oudstes, wat Y'hoshua oorleef het, wat al die groot werke van יהוה gesien het wat Hy vir Yisra'el gedoen het.
- 8 Toe is Y'hoshua, die seun van Nun, die dienskneg van יהוה, dood op die ouderdom van honderd en tien jaar
- 9 en hulle het hom begrawe in die gebied van sy erfenis in Timnat-Serag, op die gebergte van Efrayim, noord van die berg Ga'ash.
- 10 Daardie hele geslag is ook by hulle vaders versamel en 'n ander geslag het ná hulle opgestaan wat יהוה en ook die werk wat Hy vir Yisra'el gedoen het, nie geken het nie. ^{Deut 6:7}
- 11 Toe het die seuns van Yisra'el boosheid in die oë van יהוה gedoen en die Ba'als gedien
- 12 en יהוה, die God van hulle vaders, wat hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het verlaat en ander gode gevolg, van die gode van die volke wat rondom hulle was en hulle voor hulle neergebuig; só het hulle יהוה tot woede uitgetart.
- 13 Só het hulle יהוה verlaat en die Ba'al en die 'Ashtarot gedien.
- 14 Die woede van יהוה het gebrand teen Yisra'el en Hy het hulle oorgegee in die hand van plunderaars wat hulle beroof het en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande rondom sodat hulle nie langer kon standhou voor hulle vyande nie.
- 15 Waarheen hulle ook al gaan, was die hand van יהוה teen hulle ten kwade, soos יהוה gesê het en soos יהוה vir hulle gesweer het sodat hulle erg benoud was.
- 16 Toe het יהוה rigters opgewek wat hulle bevry het uit die hande van hulle wat hulle geplunder het. ^{Hand 13:20}
- 17 Tog het hulle nie na hulle rigters geluister nie, want hulle het agter ander gode aan gehoereer en hulleself voor hulle neergebuig. Hulle het gou van die pad wat hulle vaders, in gehoorsaamheid aan die opdragte van יהוה, geloop het, afgedraai; hulle het nie gedoen soos hulle nie.
- 18 Wanneer יהוה vir hulle rigters opwek, was יהוה saam met die rigter en het Hy hulle bevry uit die hand van hul vyande al die dae van die rigter, want יהוה was beweeg tot omgee deur hulle gekerm oor hulle onderdrukkers en hulle teistersaars,

- 19 maar dit het gebeur dat wanneer die rigter sterf, hulle terugdraai en nog meer korrup optree as hulle vaders, deur agter ander gode aan te loop, om hulle te dien en voor hulle neer te buig; hulle het nie hulle gebruike of hulle hardnekkige maniere laat vaar nie.
- 20 Die woede van יהוה het teen Yisra'el gebrand en Hy het gesê: "Omdat hierdie nasie My verbond, wat Ek hulle vaders beveel het, oortree het en nie na My stem geluister het nie,
- 21 sal Ek ook verder geeneen van die nasies wat Y'hoshua by sy dood laat agterbly het, voor hulle uit wegdryf nie,
- 22 om Yisra'el deur hulle te toets, of hulle die pad van יהוה sal hou deur daarin te loop soos hulle vaders, of nie.
- 23 יהוה het toegelaat dat daardie nasies bly en hulle nie gou uitgedryf nie en Hy het hulle nie in die hand van Y'hoshua gegee nie. ^{Y'ho 13:6}
- 3** 1 Hierdie is die nasies wat יהוה laat oorbly het om Yisra'el te toets (almal wat nie enige van die oorloë van Kena'an ondervind het nie;
- 2 net sodat die geslagte van die seuns van Yisra'el oorlog geleer kan word, hulle wat dit nie vroeër ervaar het nie):
- 3 die vyf meesters van die F'lishtyne en al die Kena'aniete, Tzidoniete en Hiviete wat in die L'vanongebergte gebly het, van die berg Ba'al-Hermon af tot by Levo-Hamat.
- 4 Hulle was daar om Yisra'el te toets, om uit te vind of hulle die opdragte van יהוה, wat Hy hulle vaders deur Mosheh beveel het, sou gehoorsaam.
- 5 Die seuns van Yisra'el het tussen die Kena'aniete, Hittiete, Emoriete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete gebly;
- 6 hulle dogters as hulle vroue gevat en hulle eie dogters aan húl seuns gegee en hul gode gedien.
- 7 Die seuns van Yisra'el het gedoen wat boos was in die oë van יהוה en יהוה, hulle God, vergeet en die Ba'als en die 'Asherot gedien.
- 8 Toe het die woede van יהוה teen Yisra'el ontvlam sodat Hy hulle verkoop het in die hand van Kushan-Rish'atayim, koning van Aram-Naharayim (Mesopotamië) en die seuns van Yisra'el het Kushan-Rish'atayim agt jaar lank gedien.
- 9 Toe die seuns van Yisra'el na יהוה uitgeroep het, het יהוה 'n bevryder vir die seuns van Yisra'el opgewek, wat hulle bevry het: 'Otni'el, die seun van K'naz, die jonger broer van Kalev. ^{Rig 1:11-13}
- 10 Die Gees van יהוה het op hom gekom en hy het Yisra'el gerig. Toe hy uitgegaan het om oorlog te maak, het יהוה Kushan-Rish'atayim, die koning van Aram-Naharayim, in sy hand gegee sodat hy geseëvier het oor Kushan-Rish'atayim.
- 11 Toe het die land rus gehad vir veertig jaar lank en 'Otni'el, die seun van K'naz, het gesterf.
- 12 Nou het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van יהוה. יהוה het 'Eglon, die koning van Mo'av, versterk teen Yisra'el omdat hulle boosheid gedoen het in die oë van יהוה.

- 13 Hy het by homself die seuns van 'Ammon en 'Amalek bymekaar gemaak en hy het gegaan en Yisra'el verslaan en hulle het die Palmstad in besit geneem.
- 14 Die seuns van Yisra'el het 'Eglon, koning van Mo'av, agttien jaar lank gedien,
- 15 maar toe die seuns van Yisra'el uitroep na יהודה, het יהודה vir hulle 'n bevryder opgewek: Ehud, die seun van Gera, die Binyaminiet, 'n linkshandige man en die seuns van Yisra'el het deur hom 'n bydrae aan 'Eglon, koning van Mo'av gestuur.
- 16 Ehud het vir homself 'n swaard gemaak, aan twee kante skerp, een el lank en dit onder sy klere aan sy regterheup vasgebind.
- 17 Hy het die bydrae vir 'Eglon, die koning van Mo'av, aangebied. (Eglon was 'n baie vet man.)
- 18 Dit het gebeur dat, toe hy klaar die bydrae afgelewer het, hy die mense wat die bydrae gedra het, weggestuur het,
- 19 maar hyself het omgedraai by die afgode wat by Gilgal was en gesê: "Ek het 'n geheime boodskap vir u, o koning!" Die koning sê toe: "Bly stil!" Almal wat hom bedien, het van hom af weggegaan.
- 20 Ehud het na hom toe gekom terwyl hy alleen in sy koel dakkamer sit en Ehud sê: "Ek het 'n boodskap vanaf God vir u!" Hy het van sy stoel af opgestaan.
- 21 Ehud het sy linkerhand uitgesteek, die swaard van sy regterheup af gevat en dit in sy maag ingedruk.
- 22 Die hef het ook agter die lem ingegaan en die vet het om die lem toegemaak, want hy het nie die swaard uit sy maag uitgetrek nie en die vullis het uitgekome.
- 23 Toe gaan Ehud uit op die gallery en maak die deure van die dakkamer agter hom toe en sluit hulle.
- 24 Nadat hy uitgegaan het, kom sy diensknegte en kyk en let op, die deure van die dakkamer was gesluit en hulle het gesê: "Hy verlig homself seker in die koel kamer."
- 25 Hulle het gewag totdat hulle angstig geword het, maar let op, hy het nie die deure van die dakkamer oopgemaak nie! Hulle het daarom die sleutel gevat en oopgemaak en let op, hulle meester was dood, neergeval op die grond!
- 26 Nou, Ehud het ontvlug terwyl hulle talm en by die afgode verbygegaan en na Se'irah ontsnap.
- 27 Dit het gebeur nadat hy arriveer het dat hy die ramshoring in die Bergland van Efrayim geblaas het en die seuns van Yisra'el het saam met hom van die Bergland afgetrek en hy voor hulle.
- 28 Hy het vir hulle gesê: "Volg my, want יהודה het julle vyande, die Mo'aviëte, in julle hand gegee." Hulle het afgegaan agter hom aan en die driewe van die Yarden oorkant Mo'av gevat en niemand toegelaat om oor te gaan nie.
- 29 Hulle het in daardie tyd omtrent tien duisend Mo'aviëte verslaan, almal geharde en dapper manne en nie een het ontsnap nie.
- 30 Mo'av is op daardie dag onderwerp onder die hand van Yisra'el en die land was vir tagtig jaar lank onversteurd.
- 31 Ná hom het Shamgar, die seun van 'Anat, gekom wat ses honderd F'lishtyne met 'n osprik verslaan het en ook hy het Yisra'el gered.

- 4 ¹ Toe het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van יהוה nadat Ehud dood is
- 2 en יהוה het hulle verkoop in die hand van Yavin, die koning van Kena'an, wat in Hatzor regeer het en die bevelvoerder van sy leërmag was Sisra, wat in Haroshet-HaGoyim gebly het.
- 3 Die seuns van Yisra'el het na יהוה uitgeroep, want hy het nege honderd ysterwaens gehad en die kinders van Yisra'el twintig jaar lank onderdruk.
- 4 D'vorah, 'n profetes, die vrou van Lappidot, het Yisra'el in daardie tyd gerig.
- 5 Sy was gewoon om onder die palmboom van D'vorah te sit, tussen Ramah en Beit-El, in die Bergland van Efrayim en die seuns van Yisra'el het na haar toe opgekom vir uitspraak.
- 6 Sy het gestuur en vir Barak, die seun van Avino'am, uit Kedesh in Naftali, laat roep en vir hom gesê: "Let op, יהוה, die God van Yisra'el, het beveel: "Gaan en marsjeer na die berg Tavor en vat tien duisend man van die seuns van Naftali en van die seuns van Z'vulun saam met jou.
- 7 Ek sal dat Sisra, die bevelvoerder van Yavin se leermag, met sy strydwaens en sy menigte na jou toe uittrek by die Kishonrivier en Ek sal hom in jou hand gee".
- 8 Toe sê Barak vir haar: "As u saam met my sal gaan, sal ek gaan, maar as u nie saam met my gaan nie, sal ek nie gaan nie."
- 9 Sy het gesê: "Ek sal sekerlik saam met jou gaan; daarom sal die eer nie joune wees op die reis wat jy op die punt staan om op te gaan nie, want יהוה sal Sisra in die hand van 'n vrou verkoop." Toe staan D'vorah op en gaan saam met Barak na Kedesh.
- 10 Barak het Z'vulun en Naftali na Kedesh toe bymekaargeroep en tien duisend man het saam met hom opgegaan; D'vorah het ook saam met hom opgegaan.
- 11 Hever, die Keiniet, het homself afgeskei van die res van Keiniete, die nageslag van Hovav, seun van die skoonvader van Mosheh en hy het sy tent opgeslaan so ver as by die eikeboom in Tza'ananim, wat naby Kedesh is. Num 10:29-30; Rig 1:16;4:17
- 12 Toe het hulle vir Sisra vertel dat Barak, die seun van Avino'am, opgegaan het na die berg Tavor.
- 13 Sisra het al sy strydwaens, nege honderd ysterwaens en al die manne wat by hom was, uit Haroshet-HaGoyim bymekaargeroep na die Kishonrivier.
- 14 D'vorah het vir Barak gesê: "Staan op, want hierdie is die dag waarop יהוה Sisra in jou hand gegee het; let op, יהוה het voor jou uitgegaan." Barak het afgegaan vanaf die berg Tavor met tien duisend man wat hom volg.
- 15 יהוה het Sisra met al sy waens en sy hele leër met die skerpte van die swaard uitmekaar gejaag voor Barak en Sisra het van sy wa afgeklim en te voet gevlug,
- 16 maar Barak het die waens en die leër agtervolg tot by Haroshet-HaGoyim en die hele leër van Sisra het deur die skerpte van die swaard geval; selfs nie een het oorgebly nie.
- 17 Sisra het te voet gevlug na die tent van Ya'el, die vrou van Hever, die Keiniet, want daar was vrede tussen Yavin, die koning van Hatzor en die huis van Hever, die Keiniet.

- 18 Ya'el het uitgegaan om Sisra te ontmoet en vir hom gesê: “Draai af, my meester, draai af na my toe! Moenie bang wees nie!” Hy het na haar toe afdedraai, na haar tent en sy het hom met 'n kombers bedek.
- 19 Hy het vir haar gesê: “Gee vir my asseblief 'n bietjie water om te drink, want ek is dors.” Sy maak toe die bokvelsak oop en laat hom daaruit drink; toe maak sy hom weer toe.
- 20 Hy sê vir haar: “Staan in die ingang van die tent en as dit gebeur dat iemand kom en vir jou vra en sê: “Is daar iemand hier?” dat jy sal sê: “Nee.”
- 21 Ya'el, die vrou van Hever, het egter 'n tentpen en hamer in haar hand gevat en stilletjies na hom toe gegaan en die pen in sy slaap ingeslaan en dit het deurgegaan in die grond in, want hy was vas aan die slaap en uitgeput. So het hy gesterf.
- 22 Terwyl Barak Sisra agtervolg, let op, het Ya'el uitgekom om hom te ontmoet en vir hom gesê: “Kom en ek sal vir u die man wys wat u soek.” Hy het saam met haar ingegaan en let op, Sisra lê daar dood, met die tentpen in sy slaap!
- 23 So het God op daardie dag vir Yavin, die koning van Kena'an, voor die seuns van Yisra'el onderwerp.
- 24 Die hand van die seuns van Yisra'el het swaarder en swaarder gedruk op Yavin, die koning van Kena'an totdat hulle Yavin, die koning van Kena'an, vernietig het.
- 5** 1 Toe het D'vorah en Barak, die seun van Avino'am, op daardie dag gesing en gesê:
- 2 “Dat die leiers in Yisra'el gelei het en dat die volk gewillig was; lofprys יהוה!
- 3 Hoor, o konings! Luister, o heersers! Ek sal sing tot יהוה; ek sal met instrumente tot יהוה, die God van Yisra'el, speel.
- 4 יהוה, toe U uitgegaan het uit Se'ir; toe U marsjeer het uit die veld van Edom; het die aarde gebewe, ook die hemele het gedrup, selfs die wolke het water gedrup.
- 5 Die berge het geskud in die Teenwoordigheid van יהוה; hierdie Sinai in die Teenwoordigheid van יהוה, die God van Yisra'el.
- 6 In die dae van Shamgar, die seun van 'Anat; in die dae van Ya'el, was die hoofpaaie verlate en die reisigers het langs ompaaie gegaan.
- 7 Leierskap het opgehou, dit het opgehou in Yisra'el totdat ek, D'vorah, opgestaan het; totdat ek, 'n moeder in Yisra'el, opgestaan het.
- 8 Nuwe gode is gekies; toe is daar oorlog in die poorte. Daar was nie 'n skild of spies te sien onder veertig duisend in Yisra'el nie.
- 9 My diepste binneste gaan uit na die bevelvoerders van Yisra'el; die vrywilligers onder die volk; lofprys יהוה!
- 10 Julle wat op wit donkies ry; julle wat op die hoogte bly; julle wat reis op die pad,
- 11 oordink die woorde van die navraers, wat tussen die leermeesters is; hulle sal die onpartydige opregtheid van יהוה uitvoer, die onpartydige opregtheid wat Hy in Yisra'el vermenigvuldig het. Dan sal die volk van יהוה na die poorte toe marsjeer.
- 12 Word wakker, word wakker, D'vorah! Word wakker, word wakker, sing 'n lied! Staan op, Barak en voer jou gevangenes weg, seun van Avino'am!
- 13 Toe het Hy hulle wat oorgebly het van die edeles laat heers oor die volk van יהוה; U het vir my oorwinning gegee oor die magtiges deur die hand van 'n man van Efrayim.

- 14 Uit Efrayim kom hulle wat 'n wortel het in 'Amalek; na jou, trek Binyamin, wat omgee vir jou; vanuit Makhir kom 'n bevelvoerder en vanaf Z'vulun dié wat skryf met die pen van 'n skrywer
 - 15 en die prinse van Yissakhar was by D'vorah; soos Yissakhar, so was Barak tussen die mense: hy is per voet na 'n gedeelte van Re'uven gestuur; groot is hulle wat Godsopenbarings vir die verstand, wil en emosie gee.
 - 16 Waarom het jy tussen die veekrale gesit; om die fluitspel vir die troppe te hoor? Tussen die afdelings van Re'uven was die ondersoek van die verstand, wil en emosie groot.
 - 17 Gil'ad het anderkant die Yarden gebly en hoekom het Dan in skepe gebly? Asher het by die seestrand gesit en by sy baaie gebly.
 - 18 Z'vulun is 'n volk wat hulle lewens verag tot die dood toe; ook Naftali, op die hoë plekke van die veld.
 - 19 Die konings het gekom en geveg; toe het die konings van Kena'an geveg by Ta'anakh, naby die waters van Megiddo; hulle het geen buit of silwer gevat nie.
 - 20 Die sterre het vanuit die hemel geveg; vanaf hulle bane het hulle teen Sisra geveg by die rivier van Kishon.
 - 21 Die Kishon en Karminriviere het hulle weggedryf! O my lewe, jy het 'n leërmag verslaan!
 - 22 Toe is die perdepote afgebreek deur die gepronk van hulle magtiges.
 - 23 "Vloek Meroz," het die boodskapper van יְהוָה gesê; "vervloek sy inwoners volkome omdat hulle יְהוָה nie tot hulp gekom het nie, tot die hulp van יְהוָה teen die kragtige soldate nie."
 - 24 Mees geseënde onder vroue is Ya'el, die vrou van Hever, die Keiniet; mees geseënd is sy onder vroue in die tent!
 - 25 Water het hy gevra, melk het sy vir hom gegee; in 'n fantastiese kom het sy vir hom dikmelk gebring.
 - 26 Sy steek haar hand uit na die tentpen en haar regterhand na die werker se hamer; dan tref sy vir Sisra, sy verpletter sy kop en sy verbrysel en deurboor sy slaap.
 - 27 Tussen haar voete buig hy neer, hy val, lê daar! Tussen haar voete buig hy neer, hy val; waar hy neergebuig het, daar het hy dood neergeval.
 - 28 Sy kyk by die venster uit en weeklaag, die moeder van Sisra, deur die venster raam: "Waarom vertoef sy wa om te kom? Waarom talm die klop van die hoewe van sy waens?"
 - 29 Haar wyse prinsesse sal haar antwoord; inderdaad, sy herhaal haar woorde vir haarself:
 - 30 "Het hulle nie gevind nie, verdeel hulle nie die buit nie? 'n Jong meisie, twee meisies vir elke soldaat; 'n buit van gekleurde klere vir Sisra, 'n buit van gekleurde klere, geborduur; gekleurde werk van dubbel borduurwerk op die nek van die buiter.
 - 31 Laat al U vyande, יְהוָה, so omkom! Maar laat die wat U lief het, wees soos die opkoms van die son in Sy krag."
- Die land was veertig jaar lank onverstoord.

- 6 ¹ Toe het die seuns van Yisra'el gedoen wat boos was in die oë van יהוה en יהוה het hulle vir sewe jaar lank in die hand van Midyan oorgegee.
- 2 Die krag van Midyan het die oorhand oor Yisra'el gekry. As gevolg van Midyan het die seuns van Yisra'el vir hulle skuilings, wat in die berge, die grotte en die vestings is, gemaak,
- 3 want dit was wanneer Yisra'el gesaai het dat die Midyaniete, saam met die 'Amalekiete en die seuns van die Ooste teen hulle opgetrek het.
- 4 Só het hulle teen hulle gekamp en die opbrengs van die land verwoes so ver as tot by 'Azah en geen lewensmiddele, sowel as geen skaap, bees of donkie, in Yisra'el gelos nie,
- 5 want hulle het met hulle vee en hul tente opgetrek en gekom soos sprinkane in getal; beide hulle en hul kamele was ontelbaar en hulle het in die land ingekom om dit te verwoes.
- 6 Yisra'el is verneder as gevolg van Midyan en die seuns van Yisra'el het na יהוה uitgeroep.
- 7 Nou, dit het gebeur toe die seuns van Yisra'el uitgeroep het na יהוה vanweë Midyan
- 8 dat יהוה 'n profeet na die seuns van Yisra'el gestuur het en hy het vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Dit was Ek wat julle gebring het vanuit Mitzrayim en julle uit die huis van slawerny uitgebring het.
- 9 Ek het julle bevry uit die hand van die Mitzrayimiete en uit die hand van al julle onderdrukkers en hulle voor julle uit onteien en hulle land vir julle gegee
- 10 en Ek het vir julle gesê: 'Ek is יהוה, julle God; julle mag die gode van die Emoriete, in wie se land julle bly, nie vrees nie, maar julle het My nie gehoorsaam nie.'"
- 11 Toe het die boodskapper van יהוה gekom en gaan sit onder die eikeboom wat by 'Ofrah staan, wat aan Yo'ash, die Abi'ezriet, behoort het terwyl sy seun Gid'on koring uitgeslaan het in die parskuip om dit te red van die Midyaniete.
- 12 Die boodskapper van יהוה het aan hom verskyn en vir hom gesê: "יהוה is met jou, dapper soldaat!"
- 13 Toe sê Gid'on vir Hom: "Ag, my Meester, as יהוה met ons is, waarom het al hierdie dinge met ons gebeur? Waar is al Sy wonderwerke waarvan ons vaders ons vertel het, deur te sê: 'Het יהוה ons nie opgebring uit Mitzrayim uit nie?' Nou het יהוה ons egter alleen gelos en ons oorgegee in die hand van Midyan."
- 14 יהוה het na hom gekyk en gesê: "Gaan in hierdie krag van jou en bevry Yisra'el uit die hand van Midyan. Het Ek jou nie gestuur nie?"
- 15 Hy sê vir Hom: "Ag, יהוה, hoe sal ek Yisra'el bevry? Let op, my familie is die minste in M'nasheh en ek is die jongste in my vader se huis."
- 16 יהוה sê egter vir hom: "Ek sal sekerlik by jou wees en jy sal Midyan soos een man verslaan."
- 17 Gid'on sê vir Hom: "As ek nou guns in U oë gevind het, wys vir my 'n teken dat dit U is wat met my praat.
- 18 Gaan asseblief nie hiervandaan weg voordat ek by U kom en my offer uitbring en voor U neersit nie." Hy sê: "Ek sal bly totdat jy terugkom."

- 19 Toe het Gid'on ingegaan en 'n jong bokkie en ongesuurde brood, van 'n efa meel, voorberei; hy het die vleis in 'n mandjie en die sous in 'n pot gesit en hy het dit na Hom toe uitgebring onder die eikeboom en dit aangebied.
- 20 Die boodskapper van God het vir hom gesê: "Vat die vleis en die ongesuurde brood en sit dit op hierdie rots neer en gooi die sous uit." Hy het so gedoen.
- 21 Toe steek die boodskapper van יהוה die punt van die staf, wat in Sy hand was, uit en raak die vleis en die ongesuurde brood aan en vuur spring op uit die rots en verteer die vleis en die ongesuurde brood. Toe het die boodskapper van יהוה verdwyn voor sy oë.
- 22 Toe Gid'on sien dat Hy die boodskapper van יהוה was, sê hy: "Helaas, Meester יהוה, want nou het ek die boodskapper van יהוה gesien van gesig tot gesig!"
- 23 יהוה sê vir hom: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Moenie vrees nie! Jy sal nie sterf nie."
- 24 Toe bou Gid'on daar 'n altaar vir יהוה en noem dit: "יהוה is (Shalom) Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!" Dit is vandag nog daar by 'Ofrah van die Avi'ezriete.
- 25 In dieselfde nag het יהוה vir hom gesê: "Vat jou vader se jong bul en 'n tweede bul van sewe jaar oud en trek die altaar van Ba'al om wat aan jou vader behoort en kap die Asherah (afgesonderde paal) af wat langs dit is
- 26 en bou vir יהוה, jou God, 'n altaar bo-op die top van hierdie vesting op 'n ordelike wyse en vat die tweede bul en offer 'n brandoffer met die hout van die Asherah wat jy moet afkap."
- 27 Toe het Gid'on tien man van sy diensknegte gevat en gedoen soos יהוה vir hom gesê het en omdat hy te bang was vir sy vader se huishouding en vir die manne van die stad, om dit in die dag te doen, het hy dit in die nag gedoen.
- 28 Toe die manne van die stad die oggend vroeg opstaan, let op, die altaar van Ba'al is omgegooi en die Asherah wat langs dit was, is afgekap en die tweede bul is geoffer op die altaar wat daar gebou is!
- 29 Hulle het vir mekaar gesê: "Wie het hierdie ding gedoen?" Toe hulle ondersoek doen en uitvra, sê hulle: "Gid'on, die seun van Yo'ash het hierdie ding gedoen!"
- 30 Toe sê die manne van die stad vir Yo'ash: "Bring jou seun uit, hy moet sterf omdat hy die altaar van Ba'al omgegooi het en inderdaad omdat hy die afgesonderde boomstam wat langs dit was, afgekap het."
- 31 Yo'ash sê egter vir almal wat teenoor hom staan: "Wil julle vir Ba'al veg, of wil julle hom bevry? Wie ook al vir hom pleit, sal teen die oggend doodgemaak word. As hy 'n god is, laat hy vir homself veg omdat iemand sy altaar afgebreek het."
- 32 Hy het hom daarom op daardie dag Yeruba'al genoem, dit is te sê: "Laat Ba'al teen hom veg" omdat hy sy altaar afgebreek het.
- 33 Daardie tyd het al die Midyaniete, die 'Amalekiete en die seuns van die Ooste hulleself bymekaargebring en oorgetrek en in die vallei van Yizre'el gekamp.
- 34 Die Gees van יהוה het op Gid'on gekom ^{Yog 14:17} en hy het op die ramshoring geblaas en Abiezer het hom gevolg.

- 35 Hy het boodskappers regdeur M'nasheh gestuur en hulle is ook bymekaar geroep om hom te volg; hy het ook boodskappers na Asher, Z'vulun en Naftali gestuur en hulle het opgekom om hom te ontmoet.
- 36 Toe sê Gid'on vir God: "As U Yisra'el deur my sal bevry, soos U gesê het,
- 37 let op, ek sal 'n wolvlies op die dorsvloer neerlê. As daar net op die vlies dou is en al die grond droog is, dan sal ek weet dat U Yisra'el deur my sal bevry, soos U gesê het."
- 38 Dit was so. Toe hy vroeg die volgende oggend opstaan en die vlies uitwring het hy 'n kom vol water van die dou uit die vlies uitgedruk.
- 39 Toe sê Gid'on vir God: "Laat U woede nie teen my ontvlam nie dat ek nog 'n keer mag praat; laat my asseblief nog 'n toets doen met die vlies; laat dit nou op die vlies alleen droog wees en laat daar oral op al die grond dou wees."
- 40 יְהוָה het so gedoen daardie nag: dit was droog op die vlies alleen en oral op die grond was daar dou.
- 7** 1 Toe het Yeruba'al, (dit is Gid'on) en al die manne wat by hom was, vroeg opgestaan en langs 'Ein-Harod gekamp en die kamp van Midyan was aan hulle noordekant by die heuwel Moreh, in die vallei.
- 2 יְהוָה sê vir Gid'on: "Die manne wat by jou is, is te veel vir My om Midyan in hulle hand te gee, want Yisra'el sal roem deur te sê: 'My eie krag het my bevry.'
- 3 Kom daarom, verklaar ten aanhore van die manne en sê: 'Wie ook al bang is en bewe, laat hulle teruggaan en wegdraai van die berg Gil'ad af.'" Twee en twintig duisend manne het teruggegaan, maar tien duisend het oorgebly.
- 4 Toe sê יְהוָה vir Gid'on: "Die manne is nog te veel; bring hulle af na die water en Ek sal hulle daar vir jou toets. Dit sal daarom wees dat hy van wie Ek vir jou sê: 'Hierdie een moet saam met jou gaan,' hy moet saam met jou gaan, maar elkeen van wie Ek vir jou sê: 'Hierdie een moenie saam met jou gaan nie,' hy moenie gaan nie."
- 5 Hy bring toe die manne af na die water en יְהוָה sê vir Gid'on: "Elkeen wat met sy tong die water oplek soos wat 'n hond lek, moet jy bymekaar laat staan; sowel as elkeen wat kniel om te drink, moet bymekaar staan."
- 6 Nou, die aantal van die wat opgelek het deur hulle hand na hulle mond toe te bring, was drie honderd man, maar al die res van die manne het gekniel om te drink.
- 7 יְהוָה sê vir Gid'on: "Deur die drie honderd man wat gelek het, sal Ek julle bevry en die Midyaniete in julle hande gee; laat dus al die ander manne gaan, elkeen na sy huis toe."
- 8 Die 300 man vat die manne se kosvoorraad en hulle ramshorings in hul hand en Gid'on het al die ander manne van Yisra'el weggestuur, elkeen na sy tent, maar die drie honderd man het hy behou en die kamp van Midyan was onder hom in die vallei.
- 9 Nou dieselfde nag het dit gebeur dat יְהוָה vir hom gesê het: "Staan op, gaan af teen die kamp, want Ek het dit in jou hand gegee,
- 10 maar as jy bang is om af te gaan, gaan saam met jou dienskneg Purah af na die kamp toe

- 11 en jy sal hoor wat hulle sê en daarna sal jou hande sterk gemaak word sodat jy teen die kamp kan aftrek." Hy gaan toe af saam met Purah, sy dienskneg, tot by die buiteposte van die leër wat in die kamp was.
- 12 Nou die Midyaniete, `Amalekiete en al die seuns van die Ooste het in die laagte gelê, soveel soos sprinkane en hulle kamele was ontelbaar soos die sand aan die seestrand.
- 13 Toe Gid'on aankom, let op, 'n man het sy droom vir 'n ander vertel en hy het gesê: "Let op, ek het 'n droom gehad: 'n garsbrood het in die kamp van Midyan ingetuimel en gekom tot by die tent en dit geslaan sodat dit omval en onderstebo draai en die tent plat lê!"
- 14 Sy vriend het geantwoord: "Dit is niks minder as die swaard van Gid'on, die seun van Yo'ash, die Yisra'eliet, nie; God het Midyan en die hele kamp in sy hand gegee."
- 15 Toe Gid'on die verhaal van die droom en sy uitleg hoor, het hy neergebuig in aanbidding. Hy het teruggegaan na die kamp van Yisra'el en gesê: "Staan op, want יהוה het die kamp van Midyan in julle hand gegee."
- 16 Hy het die drie honderd man verdeel in drie afdelings en ramshorings en leë kruike in almal se hande gesit, met fakkels binne-in die kruike.
- 17 Hy het vir hulle gesê: "Kyk na my en maak net so en let op, wanneer ek by die buitelyns van die kamp kom, moet julle maak net soos ek maak.
- 18 Wanneer ek en almal wat by my is, op die ramshoring blaas, moet julle ook op die ramshorings blaas reg rondom die kamp en sê: "Vir יהוה en vir Gid'on!"
- 19 Gid'on en die honderd man wat by hom was, het by die buitelyns van die kamp gekom, aan die begin van die middelste nagwaak, toe hulle net die wagte uitgesit het. Hulle het die ramshorings geblaas en die kruike stukkend geslaan wat in hul hande was.
- 20 Toe die drie afdelings op die ramshorings blaas en die kruike breek, hou hulle die fakkels in hul linkerhand en die ramshorings in hulle regterhand om te blaas terwyl hulle uitroep: "'n Swaard vir יהוה en vir Gid'on!"
- 21 Elkeen het op sy plek bly staan rondom die kamp terwyl die hele leër al skreeuend hardloop in hulle vlug.
- 22 Toe hulle drie honderd ramshorings blaas, het יהוה die swaard van die een teen die ander gerig, deur die hele leër en die leër het gevlug sover as Beit-Sheetah, in die rigting van Tz'erah, so ver as tot by die grens van Avel-M'golah by Tabbat.
- 23 Die manne van Yisra'el uit Naftali, Asher en uit die hele M'nasheh is opgeroep en hulle het Midyan agtervolg.
- 24 Gid'on het boodskappers deur die hele Bergland van Efrayim gestuur en gesê: "Kom af teen Midyan en beset die waterpunte voor hulle, so ver as tot by Beit-Barah en die Yarden." So is al die manne van Efrayim bymekaargeroep en hulle het die waterpunte beset tot by Beit-Barah en die Yarden.
- 25 Hulle het die twee leiers van Midyan gevang, `Orev en Ze'ev en hulle het `Orev by die rots van `Orev doodgemaak en Ze'ev by die parskuip van Ze'ev terwyl hulle Midyan agtervolg het en hulle het die koppe van `Orev en Ze'ev van oorkant die Yarden af, na Gid'on toe gebring.

- 8 1 Toe sê die manne van Efrayim vir hom: “Wat is dit wat u ons aangedoen het dat u ons nie geroep het toe u teen Midyan gaan veg het nie?” Hulle het heftig met hom baklei,
- 2 maar hy sê vir hulle: “Wat het ek nou gedoen in vergelyking met julle? Is die na-oes van Efrayim nie beter as die wynoes van Abi'ezer nie?”
- 3 God het die leiers van Midyan, `Orev en Ze'ev, in julle hand gegee en wat kon ek doen in vergelyking met julle?” Toe bedaar hulle woede teenoor hom toe hy dit gesê het.
- 4 Toe het Gid'on by die Yarden gekom, hy en die drie honderd man wat by hom was en oorgetrek, moeg en tog besig om te agtervolg.
- 5 Hy sê vir die manne van Sukkot: “Gee asseblief brood vir die manne wat my volg, want hulle is moeg en ek is besig om Zevag en Tzalmuna, die konings van Midyan, te agtervolg.
- 6 Die leiers van Sukkot sê: “Is die hande van Zevag en Tzalmuna reeds in u hande dat ons aan u leër brood moet gee?”
- 7 Gid'on het gesê: “Goed, wanneer יהיה vir Zevag en Tzalmuna in my hand gee, dan sal ek julle liggame met woestyndorings en distels slaan.”
- 8 Hy het daarvandaan opgegaan na P'nu'el en dieselfde vir hulle gesê en die manne van P'nu'el het hom geantwoord net soos die manne van Sukkot geantwoord het.
- 9 Hy het ook met die mense van P'nu'el gepraat en gesê: “As ek veilig terugkom, sal ek hierdie toring afbreek.”
- 10 Nou, Zevag en Tzalmuna was in Karkor en hulle leërs by hulle, omtrent vyftien duisend man, al wat oor was van die hele leër van die seuns van die Ooste, want die gesneuweldes was honderd en twintig duisend swaardvegters.
- 11 Gid'on het opgegaan met die pad van die wat in tente bly, oos van Novag en Yogbehah en die kamp aangeval toe die kamp dit nie verwag het nie.
- 12 Toe Zevag en Tzalmuna vlug, het hy hulle agternagejaag en die twee konings van Midyan, Zevag en Tzalmuna, gevang en die hele leër uitmekaargejaag.
- 13 Toe het Gid'on, die seun van Yo'ash, by die opdraande na Heres teruggekom van die geveg af,
- 14 'n jongman vanaf Sukkot gevang en hom uitgevra. Toe skryf die jongman vir hom die prinse van Sukkot en sy oudstes se name neer, sewe en sewentig man.
- 15 Hy kom by die mense van Sukkot en sê: “Let op, hier is Zevag en Tzalmuna oor wie julle my gespot het deur te sê: ‘Is die hande van Zevag en Tzalmuna reeds in u hand dat ons brood moet gee vir u manne wat moeg is.’”
- 16 Hy het die oudstes van die stad oor die woestyndorings en die distels getrek en so die manne van Sukkot gedissiplineer.
- 17 Hy het die toring van P'nu'el afgebreek en die manne van die stad doodgemaak.
- 18 Toe vra hy vir Zevag en Tzalmuna: “Watter manne was dit wat julle by Tavor doodgemaak het?” Hulle antwoord: “Hulle was soos u, elkeen het gelyk soos die seun van 'n koning.”
- 19 Hy het gesê: “Dit was my broers, die seuns van my moeder. So waar as יהיה leef, as julle hulle net laat leef het, sou ek julle nie doodgemaak het nie.”

- 20 Hy sê toe vir Yeter, sy eersgeborene: “Staan op, maak hulle dood!” Die jongman het egter nie sy swaard uitgetrek nie omdat hy bang was, want hy was nog ’n seun.
 - 21 Toe sê Zevag en Tzalmuna: “Staan u self op en val op ons, want soos die man is, so is sy krag.” Gid'on het toe opgestaan en Zevag en Tzalmuna doodgemaak en die maanornamente, wat aan die nekke van hulle kamele was, gevat.
 - 22 Toe sê die manne van Yisra'el vir Gid'on: “Heers oor ons, u sowel as u seun en u kleinseun, want u het ons bevry uit die hand van Midyan.”
 - 23 Gid'on sê egter vir hulle: “Ek sal nie oor julle heers nie en my seun sal ook nie oor julle heers nie; יהודה sal oor julle heers.”
 - 24 Tog het Gid'on vir hulle gesê: “Ek wil van julle versoek dat elkeen van julle vir my ’n oorring gee uit sy buit!” (Want hulle het goue oorringe gehad omdat hulle vyand Yishma'eliete was.)
 - 25 Hulle het gesê: “Ons sal dit sekerlik gee.” Hulle het toe ’n mantel uitgesprei en elkeen het ’n oorring van sy buit daarop gegooi.
 - 26 Die gewig van die goue oorringe wat hy gevra het, was een duisend sewe honderd sikkels goud, behalwe die maanornamente, die hangertjies en purper klere wat die konings van Midyan gedra het en behalwe die nekbande wat aan die nekke van hulle kamele was.
 - 27 Gid'on het ’n skouerkleed daarvan gemaak en dit in sy stad, 'Ofrah, gesit en die hele Yisra'el het agter dit aan hoereer sodat dit vir Gid'on en sy huis ’n valstrik geword het.
 - 28 So is Midyan onderwerp voor die seuns van Yisra'el en hulle het nie weer hulle koppe opgetel nie. Die land was onversteurd in die dae van Gid'on vir veertig jaar lank.
 - 29 Toe het Yeruba'al, die seun van Yo'ash, gegaan en in sy huis gaan bly.
 - 30 Gid'on het sewentig seuns gehad wat sy direkte nageslag was, want hy het baie vroue gehad.
 - 31 Sy byvrou wat in Sh'khem was, het ook vir hom geboorte gegee aan ’n seun en hy het hom die naam Avimelekh gegee.
 - 32 Gid'on, die seun van Yo'ash, het gesterf op ’n gevorderde ouderdom en is begrawe in die graf van sy vader Yo'ash, in 'Ofrah van die Avi'ezriete.
 - 33 Dit het gebeur toe Gid'on dood is dat die seuns van Yisra'el weer agter die Ba'als aan hoereer en Ba'al-B'rith hulle god gemaak het.
 - 34 Dus het die seuns van Yisra'el nie יהודה, hulle God, onthou, wat hulle bevry het uit die hand van al hul vyande, aan elke kant, nie;
 - 35 hulle het ook geen omgee bewys aan die huis van Yeruba'al, (dit is Gid'on), vir al die goed wat hy aan Yisra'el gedoen het nie.
- 9 1 Avimelekh, die seun van Yeruba'al, het na Sh'khem, na die familie van sy moeder gegaan en hy het met hulle en met die hele geslag van sy moeder se familie gepraat en gesê:
- 2 “Praat, nou, voor die ore van al die leiers van Sh'khem: wat is vir julle beter: dat sewentig man, al die seuns van Yeruba'al, oor julle heers, of dat een man oor julle heers? Onthou ook dat ek julle vlees en bloed is.”

- 3 Sy moeder se familie het namens hom al hierdie woorde ten aanhore van al die leiers van Sh'khem gepraat en hulle was geneig om Avimelekh te volg, want hulle het gesê: "Hy is ons familie."
- 4 Hulle het vir hom sewentig sikkels silwer uit die huis van Ba'al-B'rit gegee, waarmee Avimelekh waardelose en ligsinnige manne gehuur het en hulle het hom gevolg.
- 5 Toe het hy na die huis van sy vader gegaan, in 'Ofrah en sy broers, die seuns van Yeruba'al, sewentig man, op een klip vermoor, maar Yotam, die jongste seun van Yeruba'al, het oorgebly, want hy het weggekruip.
- 6 Al die manne van Sh'khem en die hele Beit-Millo het saam vergader en Avimelekh gaan koning maak by die eikeboom van Mazpiah (Ar.) wat by Sh'khem is.
- 7 Toe hulle dit vir Yotam vertel, het hy gegaan en op die top van berg G'rizim gaan staan en sy stem opgelig en uitgeroep en so het hy vir hulle gesê: "Luister na my, manne van Sh'khem sodat God na julle kan luister.
- 8 Eendag het die bome gegaan om 'n koning oor hulle te salf en vir die olyfboom gesê: 'Heers oor ons!'
- 9 Die olyfboom het egter vir hulle gesê: 'Sou ek my vettigheid opgee waarmee hulle gode en mense vereer en oor die bome gaan swewe?'
- 10 Toe sê die bome vir die vyeboom: 'Kom jy, heers oor ons!'
- 11 Die vyeboom het egter vir hulle gesê: 'Sou ek my soetigheid en my goeie vrugte opgee en oor die bome gaan swewe?'
- 12 Toe sê die bome vir die wingerdstok: 'Kom jy, heers oor ons!'
- 13 Die wingerdstok het egter vir hulle gesê: 'Sou ek my nuwe wyn opgee waarin God en die mense hulle verheug en oor die bome gaan swewe?'
- 14 Ten einde sê al die bome vir die doringboom: 'Kom jy, heers oor ons!'
- 15 Die doringboom het vir die bome gesê: 'As julle my in waarheid as koning oor julle salf, kom dan, neem skuiling in my skaduwee, maar so nie, mag daar vuur uitgaan uit die doringboom en die seders van L'vanon verteer;
- 16 daarom dan, as julle in waarheid en integriteit gehandel het deur Avimelekh koning te maak en as julle goed gedoen het aan Yeruba'al en sy huis en aan hom gedoen het volgens sy verdienste,
- 17 want my vader het vir julle geveg en sy lewe gewaag en julle bevry uit die hand van Midyan,
- 18 maar julle het vandag opgestaan teen die huis van my vader en sy seuns; sewentig man op een klip vermoor en Avimelekh, die seun van sy slavin, koning gemaak oor die manne van Sh'khem omdat hy julle familie is;
- 19 as julle dan vandag in waarheid en integriteit gehandel het met Yeruba'al en sy huis, verheug julle in Avimelekh en laat hy hom ook verheug oor julle,
- 20 maar indien nie, laat daar dan vuur uitgaan uit Avimelekh en die manne van Sh'khem en Beit-Millo verteer en laat daar vuur uitgaan uit die manne van Sh'khem en Beit-Millo en Avimelekh verteer."
- 21 Toe het Yotam ontsnap en weggevlug en na Be'er gegaan en daar gebly as gevolg van Avimelekh, sy broer.
- 22 Avimelekh het drie jaar lank oor Yisra'el geheers.

- 23 Toe het God 'n bose gees gestuur tussen Avimelekh en die manne van Sh'khem en die manne van Sh'khem het valslik gehandel met Avimelekh
- 24 sodat die geweld teen die sewentig seuns van Yeruba'al sou uitkom en hulle bloed op hul broer Avimelekh, wat hulle vermoor het, gelê mag word en op die manne van Sh'khem wat sy hande versterk het om sy broers te vermoor.
- 25 Die manne van Sh'khem het manne in hinderlae teen hom opgestel bo-op die berge en almal beroof wat op die pad by hulle verbykom en dit is aan Avimelekh vertel.
- 26 Ga'al, die seun van 'Eved, het met sy familieleden gekom en oorgetrek na Sh'khem en die manne van Sh'khem het hulle vertrou in hom geplaas.
- 27 Hulle het uitgegaan in die veld en hulle wingerde afgeoes, uitgetrap en 'n fees gehou en hulle het in die huis van hulle god ingegaan en geëet en gedrink en Avimelekh gevloek.
- 28 Toe sê Ga'al, die seun van 'Eved: "Wie is Avimelekh en wie is Sh'khem dat ons hom sou dien? Is hy nie die seun van Yeruba'al en is Z'vul nie sy luitenant nie? Dien die manne van Hamor, die vader van Sh'khem, maar waarom moet ons hóm dien?"
- 29 Was hierdie volk maar onder my outoriteit, dan sou ek Avimelekh verwyder het!" Vir Avimelekh het hy gesê: "Vermeerder jou weermag en kom uit!"
- 30 Toe Z'vul, die heerser van die stad, die woorde van Ga'al, die seun van 'Eved, hoor, het sy woede opgevlam.
- 31 Hy het boodskappers misleidend na Avimelekh gestuur om te sê: "Let op, Ga'al, die seun van 'Eved en sy familieleden het na Sh'khem gekom en let op, hulle steek die stad teen u op.
- 32 Nou, daarom, staan in die nag op, u en die manne wat by u is en lê en wag in die veld.
- 33 In die oggend, sodra die son op is, moet u vroeg opstaan en teen die stad aanstorm en let op, wanneer hy en die manne wat by hom is, teen u uittrek, sal u met hom doen net waartoe u in staat is."
- 34 Avimelekh en al die manne wat by hom was, het in die nag opgestaan en in vier groepe gelê en wag teen Sh'khem.
- 35 Ga'al, die seun van 'Eved, het uitgegaan en by die ingang van die stadspoort gaan staan en Avimelekh en al die manne wat by hom was, het uit die hinderlaag uit opgestaan.
- 36 Toe Ga'al die mense sien, sê hy vir Z'vul: "Kyk, daar kom mense van die bergtoppe af," maar Z'vul sê vir hom: "Jy sien die skaduwee van die berge asof hulle mense is!"
- 37 Ga'al het weer gepraat en gesê: "Kyk, daar kom mense van die hoogste deel van die land af en een deel kom uit die rigting van die eik van die towenaar."
- 38 Toe sê Z'vul vir hom: "Waar is jou grootpraterij nou waarmee jy gesê het: 'Wie is Avimelekh dat ons hom sou dien?' Is dit nie die manne wat jy verag het nie? Gaan nou uit en veg teen hulle!"
- 39 Toe gaan Ga'al uit voor die leiers van Sh'khem en veg teen Avimelekh.
- 40 Avimelekh het hom agtervolg en hy het voor hom uit gevlug en baie is gewond en het geval tot by die ingang van die poort.

- 41 Toe het Avimelekh in Arumah gebly, maar Z'vul het Ga'al en sy familieledede uitgedryf sodat hulle nie in Sh'khem kon bly nie.
- 42 Dit het die volgende dag gebeur dat die mense uitgegaan het in die veld en dit is aan Avimelekh vertel.
- 43 Hy het sy manne gevat en hulle in drie groepe verdeel en in die veld lê en wag; toe hy sien dat die mense uit die stad uitkom, staan hy op teen hulle en verslaan hulle.
- 44 Toe het Avimelekh en die groep wat by hom was, ingestorm en gaan staan by die ingang van die stadspoort; die ander twee groepe het almal wat in die veld was, bestorm en hulle verslaan.
- 45 Avimelekh het daardie hele dag teen die stad geveg en die stad ingeneem en die mense wat daarin was, doodgemaak; toe het hy die stad afgebreek en dit met sout besaai.
- 46 Toe al die leiers van die toring van Sh'khem dit hoor, gaan hulle in die binneste kamer van die tempel van die god, B'rith, in.
- 47 Dit is aan Avimelekh vertel dat al die leiers van die toring van Sh'khem saam vergader is.
- 48 Avimelekh en al die manne wat by hom was, klim op die berg Tzalmon en Avimelekh vat 'n byl in sy hand en kap 'n boomtak af van die bome, lig dit op en sit dit op sy skouer. Toe sê hy vir die manne wat by hom was: "Wat julle my sien doen het, maak gou en doen net so."
- 49 Al die manne het ook elkeen sy tak afgekap en Avimelekh gevolg en dit op die binnekamer gegooi en die binnekamer bo-op hulle aan die brand gestee sodat ook al die mense van die Sh'khemstoring, omtrent 'n duisend manne en vroue, gesterf het.
- 50 Toe het Avimelekh na Tevetz gegaan en teen Tevetz gekamp en dit ingeneem,
- 51 maar in die middel van die stad was daar 'n sterk toring en al die manne en vroue en al die leiers van die stad het daarheen gevlug en hulleself toegesluit en bo-op die dak van die toring geklim.
- 52 Avimelekh het na die toring toe gekom en daarteen geveg en die ingang van die toring genader om dit met vuur te verbrand,
- 53 maar 'n sekere vrou het die boonste meulsteen op die kop van Avimelekh gegooi en sy skedel verbrysel.
- 54 Toe roep hy gou na die jongman, sy wapendraer en sê vir hom: "Trek jou swaard en maak my dood sodat dit nie van my gesê sal word: 'n Vrou het hom doodgemaak nie'." Die jongman het hom deurboor en hy is dood.
- 55 Toe die manne van Yisra'el sien dat Avimelekh dood is, het hulle elkeen na sy blyplek vertrek.
- 56 So het God dan die boosheid van Avimelekh vergeld wat hy sy vader aangedoen het deur sy sewentig broers te vermoor.
- 57 God het ook al die boosheid van die manne van Sh'khem op hulle eie kop laat neerkom en die vloek van Yotam, die seun van Yeruba'al, het oor hulle gekom.

- 10** 1 Nádat Avimelekh dood is, het Tola, die seun van Pu'ah, die seun van Dodo, 'n man van Yissakhar, opgestaan om Yisra'el te verlos en hy het in Shamir gebly op die Bergland van Efrayim.
- 2 Hy het Yisra'el drie en twintig jaar lank gerig. Toe is hy dood en is in Shamir begrawe.
- 3 Ná hom het Ya'ir, die Gil'adiet, opgestaan en hy het Yisra'el twee en twintig jaar lank gerig.
- 4 Hy het dertig seuns gehad, wat op dertig donkies gery en dertig stede in die land van Gil'ad gehad het wat tot vandag toe Havot-Ya'ir genoem word.
- 5 Ya'ir het gesterf en is in Kamon begrawe.
- 6 Toe het die seuns van Yisra'el weer gedoen wat verkeerd was in die oë van יהוה. Hulle het die Ba'als en die 'Ashtarot gedien, die gode van Aram, die gode van Tzidon, die gode van Mo'av, die gode van die seuns van 'Ammon en die gode van die F'lishtyne; só het hulle יהוה verlaat en Hom nie gedien nie.
- 7 Die woede van יהוה het gebrand teen Yisra'el en Hy het hulle verkoop in die hand van die F'lishtyne en in die hand van die seuns van 'Ammon.
- 8 Hulle het die seuns van Yisra'el gepla en verpletter in daardie jare; vir agttien jaar lank het hulle al die seuns van Yisra'el wat oorkant die Yarden gebly het, in die land van die Amoriëte, wat in Gil'ad was, gepla.
- 9 Die seuns van 'Ammon het die Yarden oorgetrek om ook teen Y'hudah, Binyamin en die huis van Efrayim te veg sodat Yisra'el baie benoud was.
- 10 Toe roep die seuns van Yisra'el uit na יהוה en sê: "Ons het teen U gesondig, want inderdaad, ons het ons God verlaat en die Ba'als gedien."
- 11 יהוה het vir die seuns van Yisra'el gesê: "Het Ek julle nie van die Mitzrayimiete, van die Emoriëte, van die seuns van 'Ammon en van die F'lishtyne bevry nie?"
- 12 Ook toe die Tzidoniete, 'Amalekiete en Ma'oniete julle verdruk en julle My aangeroop het, het Ek julle uit hulle hand verlos.
- 13 Tog het julle My verlaat en ander gode gedien; daarom sal Ek julle nie langer bevry nie.
- 14 Gaan en gaan roep die gode aan wat julle gekies het; laat hulle julle bevry in die tyd van julle benoudheid."
- 15 Die seuns van Yisra'el sê vir יהוה: "Ons het gesondig, maak met ons net soos dit goed is in U oë; asseblief, bevry ons net vandag."
- 16 Hulle het die vreemde gode uit hulle midde uit weggesit en יהוה gedien en Hy kon nie langer die ellende van Yisra'el verdra nie.
- 17 Toe is die seuns van 'Ammon bymekaargeroep en hulle het in Gil'ad kamp opgeslaan en die seuns van Yisra'el het bymekaar gekom en kamp opgeslaan in Mitzpah.
- 18 Die mense, die leiers van Gil'ad, het vir mekaar gesê: "Wie is die man wat sal begin om te veg teen die seuns van 'Ammon? Hy sal hoof word oor al die inwoners van Gil'ad."

- 11** 1 Yiftag, die Gil'adiet, was 'n dapper vegter, maar hy was die seun van 'n hoer en Gil'ad was die vader van Yiftag.
- 2 Gil'ad se vrou het vir hom geboorte gegee aan seuns en toe die seuns van die vrou groot word, het hulle Yiftag uitgedryf en vir hom gesê: "Jy sal nie 'n erfenis hê in ons vader se huis nie, want jy is die seun van 'n ander vrou."
- 3 Yiftag het weggevlug van sy broers af en gaan woon in die land van Tov en waardelose manne het by Yiftag aangesluit en saam met hom uitgegaan.
- 4 Dit het gebeur dat na 'n tyd, die seuns van 'Ammon teen Yisra'el geveg het.
- 5 Toe die seuns van 'Ammon teen Yisra'el geveg het, het die oudstes van Gil'ad gegaan om Yiftag uit die land van Tov te gaan haal
- 6 en hulle het vir Yiftag gesê: "Kom en wees ons hoof sodat ons kan veg teen die seuns van 'Ammon."
- 7 Toe sê Yiftag vir die oudstes van Gil'ad: "Het julle my nie gehaat en my uit my vader se huis weggejaag nie? Waarom kom julle nou na my toe, wanneer julle in die moeilikheid is?"
- 8 Die oudstes van Gil'ad het vir Yiftag gesê: "Om hierdie rede kom ons nou na jou toe terug: dat jy saam met ons kan gaan en teen die seuns van 'Ammon veg en dat jy hoof kan word oor al die inwoners van Gil'ad."
- 9 Yiftag sê vir die oudstes van Gil'ad: "As julle my terugvat om teen die seuns van 'Ammon te veg en יהודה hulle aan my oorgee, sal ek julle hoof word?"
- 10 Die oudstes van Gil'ad sê vir Yiftag: "יהודה is getuie tussen ons. Waarlik, ons sal doen soos jy gesê het."
- 11 Toe het Yiftag saam met die oudstes van Gil'ad gegaan en die volk het hom as hoof en leier oor hulle aangestel en Yiftag het al sy woorde voor יהודה in Mitzpah gepraat.
- 12 Nou het Yiftag boodskappers na die koning van die seuns van 'Ammon gestuur om te vra: "Wat is tussen u en my dat u na my toe kom om teen my land te veg?"
- 13 Die koning van die seuns van 'Ammon sê vir Yiftag se boodskappers: "Omdat Yisra'el my land weggevat het toe hulle opgekom het vanaf Mitzrayim, vanaf die Arnon sover as tot by die Yabbok en tot by die Yarden, gee hulle nou in vrede terug."
- 14 Yiftag het egter weer boodskappers na die koning van die seuns van 'Ammon gestuur
- 15 en vir hom gesê: "So sê Yiftag: Yisra'el het nie die land van Mo'av of die land van die seuns van 'Ammon gevat nie,
- 16 want Yisra'el het, toe hy uit Mitzrayim opgetrek het, deur die wildernis gegaan tot by die Rooisee en by Kadesh gekom.
- 17 Toe het Yisra'el boodskappers gestuur na die koning van Edom om te sê: 'Laat my asseblief deur u land trek,' maar die koning van Edom wou nie luister nie en hulle het ook na die koning van Mo'av gestuur, maar hy wou nie instem nie; daarom het Yisra'el in Kadesh gebly.

- 18 Toe het hulle deur die wildernis, om die land van Edom en die land van Mo'av gegaan en gekom aan die oostekant van die land van Mo'av en hulle het oorkant die Arnon gekamp, maar hulle het nie in die gebied van Mo'av ingegaan nie, want die Arnon is die grens van Mo'av.
- 19 Yisra'el het boodskappers gestuur na Sigon, die koning van die Emoriete en die koning van Heshbon en Yisra'el het vir hom gesê: 'Laat ons asseblief deur u land trek na ons plek toe,'
- 20 maar Sigon het Yisra'el nie vertrou om deur sy gebied te trek nie; Sigon het al sy manne bymekaargemaak en by Yahatz gekamp en teen Yisra'el geveg.
- 21 יהוה, die God van Yisra'el, het Sigon en sy hele volk in die hand van Yisra'el gegee en dié het hulle verslaan sodat Yisra'el die hele land van die Emoriete, die inwoners van daardie land, besit het.
- 22 Hulle het die hele grondgebied van die Emoriete, van die Arnon af, sover as die Yabbok en van die wildernis af tot by die Yarden, besit. ^{Num 32}
- 23 Aangesien יהוה, die God van Yisra'el, die Emoriete voor Sy volk Yisra'el uit verdrywe het, is dit dan vir jou om dit te besit?
- 24 Besit u nie wat u god K'mosh u gegee het om te besit nie? So wat ook al יהוה, ons God, voor ons uit onteien het, sal ons besit.
- 25 Is u nou enigins beter as Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo'av? Het hy ooit met Yisra'el getwis, of ooit teen hulle geveg? ^{Num 23, 25, 31; Deut 2:9}
- 26 Terwyl Yisra'el in Heshbon met sy dorpies, in 'Aro'er met sy dorpies en in al die stede wat langs die Arnon lê, gebly het vir drie honderd jaar lank, waarom het julle dit nie binne daardie tyd teruggevat nie?
- 27 Ek het daarom nie teen u gesondig nie, maar ú doen kwaad aan my deur teen my oorlog te maak. Mag יהוה-HaShafat (die Regter) vandag oordeel tussen die seuns van Yisra'el en die seuns van 'Ammon!''
- 28 Die koning van die seuns van 'Ammon het egter die boodskap wat Yiftag vir hom gestuur het, verwerp.
- 29 Die Gees van יהוה het op Yiftag gekom sodat hy deur Gil'ad en M'nasheh gegaan het; toe het hy deur Mitzpeh in Gil'ad gegaan en van Mitzpeh in Gil'ad het hy aangegaan na die seuns van 'Ammon.
- 30 Yiftag het 'n gelofte aan יהוה gedoen en gesê: "As U waarlik die seuns van 'Ammon in my hand gee,
- 31 dan sal dit wees dat wat ook al uitkom by die deure van my huis om my te ontmoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van 'Ammon, aan יהוה sal behoort en ek sal dit as 'n brandoffer offer." ^{Lev 27:1-4, 28}
- 32 So het Yiftag oorgegaan na die seuns van 'Ammon om teen hulle te veg en יהוה het hulle in sy hand gegee.
- 33 Hy het hulle met 'n baie groot slag verslaan van 'Aro'er af tot by die ingang van Minnit, twintig stede en sover as tot by Avel-K'ramim. So is die seuns van 'Ammon verneder voor die seuns van Yisra'el.
- 34 Toe Yiftag in Mitzpah by sy huis kom, let op, het sy dogter uitgekom om hom te ontmoet met tamboeryn en dans. Sy was sy absoluut enigste kind; behalwe vir haar het hy geen seun of dogter gehad nie.

- 35 Toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: “Ag, my dogter! Jy laat my baie laag neerbuig en jy is tussen hulle wat vir my moeilikheid bring, want ek het my woord aan יהוה gegee en ek kan dit nie terugtrek nie.” ^{Deut 23:23}
- 36 Sy antwoord hom: “My vader, u het u woord aan יהוה gegee; doen aan my soos u gesê het, aangesien יהוה u gewreek het op u vyande, die seuns van `Ammon.”
- 37 Sy het vir haar vader gesê: “Laat dít vir my gedoen word: laat my twee maande alleen sodat ek kan weggaan na die berge en kan huil oor my maagdelikheid, ek en my vriendinne.”
- 38 Toe sê hy: “Gaan!” So het hy haar vir twee maande weggestuur en sy het weggegaan saam met haar vriendinne en oor haar maagdelikheid gehuil op die berge.
- 39 Aan die einde van twee maande het sy na haar vader teruggekom en hy het aan haar gedoen volgens die gelofte wat hy gedoen het en sy het geen man intiem geken nie. Dit het dus 'n tradisie geword in Yisra'el
- 40 dat die dogters van Yisra'el elke jaar gaan om die dogter van Yiftag, die Gil'adiet, te herdenk, vier dae in die jaar.

- 12** 1 Toe is die manne van Efrayim bymekaargeroep en hulle het oorgegaan na Tzafon en vir Yiftag gesê: “Waarom het jy oorgegaan om teen die seuns van `Ammon te veg sonder om óns te roep om saam met jou te gaan? Ons sal jou huis oor jou afbrand.”
- 2 Yiftag sê vir hulle: “Ek en my mense het 'n hewige twis met die seuns van `Ammon gehad; toe ek julle geroep het, het julle my nie uit hulle hand bevry nie.
- 3 Toe ek sien dat jy my nie gaan bevry nie, het ek my lewe in my hande geneem en oorgegaan na die seuns van `Ammon en יהוה het hulle in my hand gegee. Waarom het julle dan vandag teen my opgekom om teen my te veg?”
- 4 Toe het Yiftag al die manne van Gil'ad bymekaargemaak en teen Efrayim geveg en die manne van Gil'ad het Efrayim verslaan omdat hulle gesê het: “Julle, o Gil'adiete, is vlugteling van Efrayim, tussen Efrayim en tussen M'nasheh.”
- 5 Gil'ad het die driewe van die Yarden oorkant Efrayim ingeneem en dit het gebeur as die vlugteling van Efrayim sê: “Laat my oorgaan, dan vra die manne van Gil'ad vir hom: “Is jy 'n Efrayimiet?” As hy sê: “Nee,”
- 6 dan vra hulle vir hom: “Sê nou, Shibbolet!” As hy egter sê: “Sibbolet” omdat hy dit nie reg kan uitspreek nie, dan gryp hulle hom en maak hom by die Yarden-driewe dood. So het daar dan in dié tyd van Efrayim twee en veertig duisend man geval.
- 7 Yiftag het Yisra'el ses jaar lank gerig. Toe is Yiftag, die Gil'adiet dood en is begrawe in een van die stede van Gil'ad.
- 8 Ná hom het Ibtzan, van Beit-Legem, Yisra'el gerig.
- 9 Hy het dertig seuns gehad en dertig dogters wat hy uitgegee het in die huwelik buite die familie en hy het dertig dogters van buite af ingebring vir sy seuns en hy het Yisra'el sewe jaar lank gerig.
- 10 Toe het Ibtzan gesterf en is begrawe in Beit-Legem.
- 11 Ná hom het Elon, van Z'vulun, Yisra'el gerig en hy het Yisra'el tien jaar lank gerig.
- 12 Toe is Elon, van Z'vulun, dood en is begrawe in Ayalon, in die land Z'vulun.

- 13 Ná hom het 'Avdon, die seun van Hillel, van Pir'aton, Yisra'el gerig.
- 14 Hy het veertig seuns en dertig kleinseuns gehad wat op sewentig donkies gery het en hy het Yisra'el agt jaar lank gerig.
- 15 'Avdon, die seun van Hillel, van Pir'aton, het gesterf en is begrawe in Pir'aton, in die land Efrayim, op die Bergland van die 'Amalekiete.
- 13** 1 Die seuns van Yisra'el het weer boos gedoen in die oë van יהוה sodat יהוה hulle oorgegee het in die hand van die F'lishtyne vir veertig jaar lank.
- 2 Daar was 'n sekere man van Tzor'ah, van die familie van die Daniete, met die naam van Manoag. Sy vrou was onvrugbaar en het geen kinders gehad nie.
- 3 Toe het die boodskapper van יהוה aan die vrou verskyn en vir haar gesê: "Let op, jy is onvrugbaar en het geen kinders gehad nie, maar jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun.
- 4 Nou, daarom, wees versigtig om nie wyn of sterk drank te drink nie en niks wat onrein is te eet nie,
- 5 want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun en geen skeermes mag op sy kop kom nie, want die seun sal van die baarmoeder af 'n Natzir tot God wees en hy sal begin om Yisra'el te bevry uit die hand van die F'lishtyne."
- 6 Toe het die vrou gekom en haar man vertel en gesê: "'n Man van God het na my toe gekom en Sy voorkoms was soos die voorkoms van die boodskapper van God, baie ontsagwekkend en ek het Hom nie gevra van waar Hy was nie en Hy het my ook nie Sy naam vertel nie,
- 7 maar Hy het vir my gesê: 'Let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun en jy moet nou geen wyn of sterk drank drink of iets wat onrein is eet nie, want die seun sal 'n Natzir tot God wees van die baarmoeder af tot op die dag van sy dood."
- 8 Toe het Manoag by יהוה gepleit en gesê: "Ag, יהוה, laat die man van יהוה wat U gestuur het, asseblief nog 'n keer na ons toe kom dat Hy ons kan leer hoe ons moet maak met die seun wat gebore sal word."
- 9 God het geluister na die stem van Manoag sodat die boodskapper van God nog 'n keer na die vrou toe gekom het terwyl sy in die veld sit en Manoag, haar man, was nie by haar nie.
- 10 Die vrou het haastig gehardloop en haar man vertel: "Let op, die man het aan my verskyn wat die ander dag na my toe gekom het."
- 11 Toe staan Manoag op en volg sy vrou en toe hy by die man kom, vra hy: "Is U die man wat met dié vrou gepraat het?" Hy sê: "Ja."
- 12 Manoag het gevra: "As U woorde waar word, wat moet sy opvoeding en die leefwyse van die seun wees?"
- 13 Die boodskapper van יהוה sê vir Manoag: "Laat die vrou aandag gee aan alles wat Ek gesê het.
- 14 Sy mag niks eet wat van die wingerdstok afkomstig is nie, of enige wyn of sterk drank drink en niks eet wat onrein is nie; alles wat Ek haar beveel het, moet sy doen."

- 15 Toe sê Manoag vir die boodskapper van יהוה: "Laat ons U tog ophou dat ons 'n bokkie vir U kan voorberei."
- 16 Die boodskapper van יהוה antwoord Manoag: "Al hou jy my op, sal ek nie van jou kos eet nie, maar as jy 'n brandoffer voorberei, offer dit dan aan יהוה," want Manoag het nie geweet dat dit die boodskapper van יהוה was nie.
- 17 Manoag vra vir die boodskapper van יהוה: "Wat is U Naam (Karakter en Outoriteit) sodat ons U kan vereer wanneer U woord waar word?"
- 18 Die boodskapper van יהוה sê egter vir hom: "Waarom vra jy My Naam terwyl dit wonderbaarlik is."
- 19 Manoag vat die jong bokkie saam met die graanoffer en offer dit op die rots aan יהוה terwyl die boodskapper יהוה loof voor die oë van Manoag en sy vrou,
- 20 want dit het gebeur toe die vlam vanaf die altaar opstyg na die hemel toe dat die boodskapper van יהוה in die vlam van die altaar opgegaan het. Toe Manoag en sy vrou dit gesien het, het hulle op hul gesigte op die grond neergeval.
- 21 Die boodskapper van יהוה het nie weer aan Manoag en sy vrou verskyn nie. Toe het Manoag geweet dat Hy die boodskapper van יהוה was.
- 22 Manoag sê toe vir sy vrou: "Ons sal sekerlik sterf, want ons het God gesien."
- 23 Sy vrou sê egter vir hom: "As יהוה begeer het om ons te laat sterf, sou Hy nie uit ons hand 'n brandoffer en 'n graanoffer aanvaar het nie en ook nie vir ons al hierdie dinge laat sien het nie, asook nie al hierdie dinge in hierdie tyd laat hoor het nie.
- 24 Toe het die vrou geboorte gegee aan 'n seun en hom Shimshon genoem en die kind het opgegroeï en יהוה het hom gesê.
- 25 Die Gees van יהוה het begin om hom op te wek in Mahaneh-Dan, tussen Tzor'ah en Eshta'ol.
- 14** 1 Toe Shimshon afgegaan het na Timnah, sien hy 'n vrou in Timnah uit die dogters van die F'lishtyne.
- 2 Hy het teruggegaan en sy vader en moeder vertel: "Ek het 'n vrou uit die dogters van die F'lishtyne in Timnah gesien; daarom dan, kry haar vir my as vrou."
- 3 Toe sê sy vader en moeder vir hom: "Is daar onder die dogters van jou familie, of onder ons hele volk, nie 'n vrou dat jy gaan om 'n vrou uit die onbesnede F'lishtyne te vat nie?" Shimshon sê egter vir sy vader: "Kry haar vir my, want sy lyk goed vir my."
- 4 Sy vader en moeder het egter nie geweet dat dit van יהוה kom nie, want Hy het 'n geleentheid gesoek teen die F'lishtyne. In daardie tyd het die F'lishtyne oor Yisra'el geheers.
- 5 Toe het Shimshon saam met sy vader en moeder afgegaan na Timnah en tot by die wingerde van Timnah gekom en let op, 'n jong leeu het brullend op hom afgestorm.
- 6 Die Gees van יהוה het magtig oor hom gekom sodat hy dit verskeur het soos 'n mens 'n jong bokkie verskeur alhoewel hy niks in sy hand gehad het nie, maar hy het nie vir sy vader en moeder vertel wat hy gedoen het nie.
- 7 Hy het afgegaan en met die vrou gepraat en sy het vir Shimshon goed gelyk.

- 8 Toe hy later teruggegaan het om haar te gaan haal, het hy uitgedraai om na die karkas van die leeu te kyk en let op, daar was 'n swerm bye en heuning in die karkas van die leeu. ^{Lev 5:2}
- 9 Hy het die heuning in sy hande afgeskraap en al etende aangeloop. Toe hy by sy vader en moeder kom, het hy vir hulle gegee en hulle het geëet, maar hy het hulle nie vertel dat hy die heuning uit die liggaam van die leeu uitgeskraap het nie.
- 10 Toe het sy vader na die vrou toe afgegaan en Shimshon het 'n feesmaal daar gehou, want die jongmanne het die gebruik gehad om dit te doen.
- 11 Toe hulle hom sien, het hulle dertig vriende gebring om by hom te wees.
- 12 Toe sê Shimshon vir hulle: "Laat my nou vir julle 'n raaisel voorlê; as julle dit uitvind en vir my vertel gedurende die sewe dae van die feesmaal, dan sal ek vir julle dertig linne klede en dertig stelle klere gee.
- 13 As julle my egter nie kan vertel nie, dan moet julle my dertig linne klede en dertig stelle klere gee." Hulle sê vir hom: "Lê maar jou raaisel voor sodat ons dit kan hoor."
- 14 Hy sê vir hulle: "Vanuit die eter kom iets om te eet en uit die sterke kom iets soets." Vir drie dae lank kon hulle nie die raaisel antwoord nie.
- 15 Toe het dit gebeur op die vierde dag dat hulle vir Shimshon se vrou gesê het: "Verlei jou man sodat hy die raaisel vir ons vertel, anders verbrand ons jou en die huis van jou vader met vuur. Het julle ons genooi om ons te verarm, of nie?"
- 16 Shimshon se vrou het voor hom gehuil en gesê: "Jy haat my net en het my nie lief nie; jy het 'n raaisel voor die seuns van my volk gelê en my nie vertel nie. Hy antwoord haar: "Let op, ek het dit nie vir my vader en moeder vertel nie, moes ek jou vertel?"
- 17 Sy het egter vir die sewe dae wat die feesmaal geduur het, by hom gehuil en op die sewende dag het hy haar vertel, want sy het hard druk op hom geplaas. Sy het toe die raaisel vir die seuns van haar volk vertel.
- 18 Op die sewende dag, voor sonsondergang, sê die manne van die stad vir hom: "Wat is soeter as heuning en wat is sterker as 'n leeu?" Hy antwoord hulle: "As julle nie met my kalf geploeg het nie, sou julle my raaisel nie uitgevind het nie."
- 19 Toe het die Gees van יהוה magtiglik oor hom gekom en hy het afgegaan na Ashkelon en dertig van hulle doodgemaak en hulle uitrustings gevat en die stelle klere aan hulle wat die raaisel vertel het gegee. Sy woede het gebrand en hy het opgegaan na die huis van sy vader.
- 20 Shimshon se vrou is egter vir sy metgesel gegee, wat sy vriend was.
- 15** 1 Na 'n tyd, tydens die koringoes het Shimshon sy vrou besoek met 'n jong bakkie en gesê: "Ek wil by my vrou ingaan in haar kamer," maar haar vader het hom nie toegelaat om in te gaan nie.
- 2 Haar vader het gesê: "Ek het regtig gedink dat jy haar intens haat; ek het haar aan jou metgesel gegee. Is haar jonger suster nie mooier as sy nie? Laat sy joune wees in haar plek."
- 3 Shimshon het toe vir hulle gesê: "Hierdie keer sal ek skuldloos wees teenoor die F'lishtyne wanneer ek hulle kwaad aandoen."

- 4 Shimshon het gegaan en drie honderd jakkalse gevang, hulle stert teen stert gedraai en fakkels gevat en 'n fakkel in die middel tussen twee sterte gesit.
- 5 Toe hy die fakkels aan die brand gesteeke het, het hy die jakkalse in die ongesnyde graan van die F'lishtyne losgelaat en so die miedens sowel as die ongesnyde graan, saam met die wingerde en olyfboorde aan die brand gesteeke.
- 6 Toe vra die F'lishtyne: "Wie het dit gedoen?" Hulle sê: "Shimshon, die skoonseun van die man van Timnah omdat dié sy vrou gevat en haar vir sy metgesel gegee het." Die F'lishtyne het opgegaan en haar en haar vader met vuur verbrand.
- 7 Shimshon sê vir hulle: "Aangesien julle so optree, sal ek my sekerlik op julle wreek, maar daarna sal ek ophou."
- 8 Hy het hulle genadeloos geslaan met 'n groot slag en hy het afgegaan en gebly in die rotskloof van 'Eitam.
- 9 Toe het die F'lishtyne opgegaan en gekamp in Y'hudah en uitgesprei tot by Legi.
- 10 Die manne van Y'hudah het gevra: "Waarom het julle teen ons opgetrek?" Hulle sê: "Ons het opgetrek om Shimshon vas te bind, om aan hom te doen soos hy aan ons gedoen het."
- 11 Toe trek drie duisend man uit Y'hudah af na die rotskloof van 'Eitam en vra vir Shimshon: "Weet jy nie dat die F'lishtyne heersers is oor ons nie? Wat is dit wat jy ons nou aangedoen het?" Hy sê vir hulle: "Soos hulle aan my gedoen het, so het ek aan hulle gedoen."
- 12 Hulle sê vir hom: "Ons het afgekom om jou vas te bind sodat ons jou kan oorgee in die hand van die F'lishtyne." Shimshon sê vir hulle: "Sweer vir my dat julle my nie sal doodmaak nie."
- 13 Hulle antwoord hom: "Nee, maar ons sal jou vasbind en oorgee in hulle hand; tog sal ons jou sekerlik nie doodmaak nie." Toe bind hulle hom vas met twee nuwe toue en bring hom op vanuit die rots.
- 14 Toe hy by Legi kom, het die F'lishtyne hom skreeuend tegemoet gekom. Die Gees van יהוה het magtig oor hom gekom sodat die toue wat aan sy arms was, soos linne, wat in vuur gebrand is, geword het en sy bande het van sy hande afgeval.
- 15 Hy het 'n vars donkieakebeen gevind, sy hand uitgesteeke en dit gevat en 'n duisend man daarmee doodgemaak.
- 16 Toe sê Shimshon: "Met die kakebeen van 'n donkie, hope op hope; met die kakebeen van 'n donkie het ek 'n duisend man doodgemaak."
- 17 Toe hy klaar gepraat het, gooi hy die kakebeen uit sy hand uit en noem dié plek Ramat-Legi.
- 18 Toe het hy baie dors geword en hy roep uit na יהוה en sê: "U het hierdie groot bevryding deur die hand van U diensknege gegee en moet ek nou van dors sterf en in die hand van die onbesnedenes val?"
- 19 God kloof egter die holte wat by Legi is oop sodat daar water uitkom. Toe hy gedrink het, het sy krag teruggekom en hy is verfris. Hy het dit daarom 'Ein-HaKorei genoem, wat vandag nog in Legi is.
- 20 Hy het Yisra'el in die dae van die F'lishtyne vir twintig jaar lank gerig.

- 16** 1 Toe het Shimshon na 'Azah gegaan waar hy 'n hoer gesien en by haar ingegaan het.
- 2 Toe die manne van 'Azah die boodskap kry: "Shimshon het hiernatoe gekom," omsingel hulle hom en wag die hele nag vir hom by die stadspoort en hulle het die hele nag lank stilgebly en gesê: "Teen dagbreek sal ons hom doodmaak."
- 3 Shimshon het gelê tot middernag en teen middernag het hy opgestaan en die deure van die stadspoort en die twee deurposte gegryp en dié met balk en al uitgeruk, hulle op sy skouers gesit en opgedra na die top van die berg wat oorkant Hevron lê.
- 4 Hierna het dit gebeur dat hy 'n vrou in die dal van Sorek, wie se naam D'lilah was, liefgehad het.
- 5 Toe kom die meesters van die F'lishtyne na haar toe op en sê vir haar: "Verlei hom en vind uit waarin sy groot krag lê en hoe ons hom kan oorweldig om hom vas te bind en te teister, dan sal ons jou elkeen elf honderd sikkels silwer gee."
- 6 D'lilah vra vir Shimshon: "Vertel my asseblief waarin jou groot krag is en waarmee jy vasgebind kan word om jou te pla."
- 7 Shimshon sê vir haar: "As hulle my bind met sewe vars koorde wat nie uitgedroog is nie, dan sal ek swak word en wees soos enige man."
- 8 Toe het die meesters van die F'lishtyne vir haar sewe vars koorde gebring wat nie uitgedroog was nie en sy het hom daarmee vasgebind.
- 9 Sy het manne in die binnekamer laat wag en sy sê vir hom: "Die F'lishtyne is op jou, Shimshon!" Hy breek egter die koorde, soos 'n vlastou breek as dit aan vuur raak. Sy krag is nie uitgevind nie.
- 10 Toe sê D'lilah vir Shimshon: "Let op, jy het my mislei en vir my leuens vertel; vertel my nou asseblief hoe jy vasgebind kan word."
- 11 Hy antwoord haar: "As hulle my stewig vasbind met nuwe toue wat nie gebruik is nie, dan sal ek swak word en wees soos enige man."
- 12 D'lilah het nuwe toue gevat en hom daarmee vasgebind en vir hom gesê: "Die F'lishtyne is op jou, Shimshon," want die manne het in die binnekamer gewag, maar hy het die toue soos 'n garingdraad van sy arms afgebreek."
- 13 Toe sê D'lilah vir Shimshon: "Tot nou toe het jy my mislei en vir my leuens vertel; vertel my hoe jy vasgebind kan word." Hy antwoord haar: "As jy die sewe lokke van my hare saam met die weefnet invleg en met 'n pen vasmaak."
- 14 Terwyl hy slaap, vat D'lilah die sewe lokke van sy hare, weef dit in die weefnet, steek dit vas met die pen en sê vir hom: "Die F'lishtyne is op jou, Shimshon!" Hy het wakker geword uit sy slaap en die weefpen met die weefnet uitgeruk.
- 15 Toe sê sy vir hom: "Hoe kan jy sê: 'Ek het jou lief!' terwyl jou binneste nie met my is nie? Jy het my nou hierdie drie keer mislei en my nie vertel waar jou groot krag is nie".
- 16 Dit het gebeur toe sy hom daaglik met haar woorde gedruk en by hom aangedring het dat sy gees vies was tot die dood toe.

- 17 Hy het vir haar alles vertel wat in sy gemoed was en vir haar gesê: “Daar het nooit ’n skeermes oor my kop gekom nie, want ek is ’n Natzir tot God van my moeder se baarmoeder af. As ek geskeer word, sou my krag my verlaat en ek sal swak word en wees soos enige man.”
- 18 Toe D’lilah sien dat hy haar alles vertel het wat in sy binneste was, stuur sy en laat die meesters van die F’lishtyne roep en sê: “Kom weer ’n keer op, want hy het vir my alles wat in sy binneste was, vertel.” Toe kom die meesters van die F’lishtyne op na haar toe en bring die geld in hulle hande.
- 19 Sy het hom op haar skoot laat slaap en ’n man geroep en hom die sewe haarlokke laat afskeer. Toe het sy hom begin lastig val en sy krag het hom verlaat.
- 20 Sy het gesê: “Die F’lishtyne is op jou, Shimshon!” Hy het uit sy slaap wakker geword en gesê: “Ek sal uitgaan soos die vorige kere en myself losruk.” Hy het egter nie geweet dat יהוה van hom af weggegaan het nie.
- 21 Die F’lishtyne het hom gegryp, sy oë uitgesteek, hom afgebring na `Azah en hom met koperkettings vasgebind en hy was ’n maler in die gevangenis.
- 22 Die hare van sy kop het egter weer begin groei nadat dit afgeskeer is.
- 23 Die meesters van die F’lishtyne het bymekaargekom om ’n groot offer te bring aan hulle god Dagon en om hulle te verbly, want hulle het gesê: “Ons god het ons vyand, Shimshon, in ons hand gegee.”
- 24 Toe die mense hom sien, het hulle hul god geprys, want hulle het gesê: “Ons god het ons vyand, die vernietiger van ons land, wat baie van ons doodgeslaan het, in ons hand gegee.”
- 25 Dit het so gebeur dat toe hulle gees opgelig was, hulle sê: “Laat Shimshon haal sodat hy ons kan vermaak.” Hulle het Shimshon uit die gevangenis laat haal en hy het hulle vermaak. Hulle het hom tussen die pilare laat staan.
- 26 Toe sê Shimshon vir die jongman wat sy hand vasgehou het: “Laat my die pilare voel waarop die huis rus dat ek teen hulle kan leun.”
- 27 Nou, die huis was vol manne en vroue en al die meesters van die F’lishtyne was daar en omtrent drie duisend manne en vroue was op die dak wat gekyk het hoe Shimshon hulle vermaak.
- 28 Toe roep Shimshon uit na יהוה en sê: “Meester, יהוה, onthou my asseblief en versterk my asseblief net hierdie keer, o God, sodat ek in ’n oomblik vir my twee oë gewreek mag word teen die F’lishtyne!”
- 29 Shimshon het sy arms om die twee middelste pilare waarop die huis gerus het, geslaan en homself teen hulle gedruk, die een met sy regter en die ander met sy linkerhand.
- 30 Shimshon het gesê: “Laat my sterf saam met die F’lishtyne!” Hy het met al sy krag gebuig sodat die huis ingeval het op die meesters en op al die mense wat daarin was. So was die dooies wat hy met sy sterwe gedood het, meer as die wat hy in sy lewe gedood het.
- 31 Toe het sy broers en sy vader se hele huishouding afgekom en hom opgevat en hom begrawe tussen Tzor’ah en Eshta’ol, in die graf van sy vader Manoag. So het hy Yisra’el vir twintig jaar lank gerig.

- 17** ¹ Daar was 'n man van die bergland van Efrayim met die naam van Mikhay'hu.
- ² Hy het vir sy moeder gesê: “Die elf honderd sikkels silwer wat van u gevat is en waaroor u 'n vloek uitgespreek het voor my ore, let op, die geld is by my, ék het dit gevat.” Sy moeder sê: “Geseënd is my seun deur יהוה!”
- ³ Hy het toe die elf honderd sikkels silwer aan sy moeder teruggegee en sy moeder het gesê: “Ek sonder die geld ten volle uit my hand uit af aan יהוה sodat my seun 'n gesnede en 'n gegote beeld kan maak; daarom sal ek dit nou aan jou teruggee.”
- ⁴ Toe hy die silwer aan sy moeder teruggegee het, vat sy moeder twee honderd sikkels silwer en gee dit aan 'n silwersmid, wat dit in 'n gesnede en 'n gegote beeld gemaak het wat in die huis van Mikhay'hu was.
- ⁵ Die man Mikhay'hu het 'n huistempel gehad en hy het 'n skouerkleed en huisafgode gemaak en een van sy seuns afgesonder om vir hom 'n priester te wees.
- ⁶ In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie: elke man het gedoen wat reg was in sy eie oë.
- ⁷ Daar was 'n jongman van Beit-Legem in Y'udah, uit die familie van Y'udah, wat 'n Leviet was en hy het daar gebly.
- ⁸ Toe het die man uit die stad, uit Beit-Legem in Y'udah, getrek om te bly waar hy ook al plek kon kry en op sy reis het hy in die bergland van Efrayim gekom, by die huis van Mikhay'hu.
- ⁹ Mikhay'hu vra vir hom: “Waar kom u vandaan?” Hy sê vir hom: “Ek is 'n Leviet, uit Beit-Legem in Y'udah en ek gaan bly waar ek ook al 'n plek kan kry.”
- ¹⁰ Mikhay'hu sê toe vir hom: “Bly by my en wees vir my soos 'n vader en 'n priester en ek sal vir u jaarliks tien sikkels silwer en 'n stel klere en u versorging gee.” Die Leviet het ingegaan.
- ¹¹ Die Leviet het ingewillig om by die man te bly en die jongman het vir hom geword soos een van sy seuns.
- ¹² Mikhay'hu het die Leviet afgesonder en die jongman het sy priester geword en in die huis van Mikhay'hu gebly.
- ¹³ Toe sê Mikhay'hu: “Nou weet ek dat יהוה my voorspoedig sal laat wees omdat ek 'n Leviet as priester het.
- 18** ¹ In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie en in dié dae het die stam van die Daniëte vir hulleself 'n erfenis gesoek om in te bly, want tot daardie dag toe is al hulle erfenis nog nie aan hulle toegestaan tussen die stamme van Yisra'el nie.
- ² Die seuns van Dan het vanuit al die getalle van hulle familie vyf manne, dapper manne uit Tzor'ah en Eshta'ol gestuur om die land te verken en dit te deursoek en vir hulle gesê: “Gaan deursoek die land.” Hulle het in die Bergland van Efrayim gekom en in die huis van Mikhay'hu gebly.
- ³ Terwyl hulle naby die huis van Mikhay'hu was, het hulle die stem van die jongman, die Leviet, herken en hulle het daar afgedraai en vir hom gesê: “Wie het jou hierheen gebring, wat maak jy hier en wat het jy hier?”
- ⁴ Hy sê vir hulle: “So en so het Mikhay'hu aan my gedoen en hy het my gehuur en ek het sy priester geword.”

- 5 Hulle vra vir hom: "Raadpleeg God asseblief sodat ons kan weet of ons pad waarop ons gaan, voorspoedig sal wees."
- 6 Die priester sê vir hulle: "Gaan in vrede; die pad waarop julle gaan, het יהודה se goedkeuring."
- 7 Toe gaan die vyf manne weg en hulle kom by Layish en sien dat die mense wat daarin is in veiligheid bly volgens die lewenswyse van die Tzidoniete, stil en veilig, want daar was geen heerser wat hulle verneder het vir enige iets in die land nie en hulle was ver van die Tzidoniete af en het geen transaksies met enige mens gehad nie.
- 8 Toe hulle by hul broers terugkom in Tzor'ah en Eshta'ol, sê hul broers vir hulle: "Wat rapporteer julle?"
- 9 Hulle antwoord: "Staan op en laat ons teen hulle optrek, want ons het die land gesien en let op, dit is baie goed. Moenie twyfel of uitstel om in te gaan en die land in besit te neem nie."
- 10 As julle ingaan, sal julle by 'n gemakseveilige volk kom met 'n uitgestrekte land, want God het dit in julle hand gegee, 'n plek wat niks te kort het aan enige iets op die aarde nie."
- 11 Toe het ses honderd man, bewapen met oorlogswapens, uit die familie van die Daniete, uit Tzor'ah en Eshta'ol, weggetrek.
- 12 Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan by Kiryat-Ye'arim in Y'hudah. Hulle noem daarom dié plek Maganeh-Dan tot vandag toe; let op, dit lê wes van Kiryat-Ye'arim.
- 13 Hulle het van daar oorgegaan na die Bergland van Efrayim en gekom by die huis van Mikhay'hu.
- 14 Toe het die vyf man, wat gegaan het om die land van Layish te verken, aan hulle bloedverwante gesê: "Weet julle dat in hierdie huise 'n skouerkleed, huisafgode, 'n gesnede en 'n gegote beeld is? Nou dan, oorweeg wat julle moet doen!"
- 15 Hulle het daar afgedraai en by die huis van die jongman, die Leviet, die huis van Mikhay'hu gekom en hom na sy welstand gevra.
- 16 Die ses honderd man, met hulle oorlogswapens, uit die seuns van Dan, het by die ingang van die poort gestaan.
- 17 Die vyf man wat gegaan het om die land te verken, het opgegaan, daar ingegaan en die gesnede beeld, die skouerkleed, die huisgode en die gegote beeld gevat terwyl die priester by die ingang van die poort gaan staan het saam met die ses honderd man wat met oorlogswapens bewapen is.
- 18 Toe daardie manne in die huis van Mikhay'hu ingegaan en die gesnede beeld, die skouerkleed, die huisgode en die gegote beeld gevat het, vra die priester vir hulle: "Wat maak julle?"
- 19 Hulle sê vir hom: "Bly stil, sit jou hand oor jou mond, kom saam met ons en wees vir ons 'n vader en 'n priester. Is dit vir jou beter om priester te wees vir die huis van een man of om priester te wees vir 'n stam en 'n familie in Yisra'el?"
- 20 Die priester se verstand, wil en emosie was bly en hy vat die skouerkleed, die huisgode en die gesnede beeld en gaan saam met die mense.
- 21 Toe het hulle gedraai en weggegaan en die vee, die waardevolle goed en die beeste voor hulle gesit.

- 22 Nadat hulle 'n ent weg was van Mikhay'hu se huis af, is die manne van die huise wat naby Mikhay'hu se huis staan, bymekaargeroep en hulle het die seuns van Dan ingehaal.
- 23 Hulle het uitgeroep na die seuns van Dan, wat omgedraai en vir Mikhay'hu gesê het: "Wat is dit met jou dat julle bymekaargekom het?"
- 24 Hy het gesê: "Julle het my gode, wat ek gemaak het, weggevat saam met die priester en julle het weggegaan; wat het ek behalwe dit? Hoe kan julle vir my sê: 'Wat is dit met jou?'"
- 25 Die seuns van Dan sê vir hom: "Moenie jou stem tussen ons laat hoor nie, anders sal woeste en wrede manne julle oorval en jy sal jou lewe en die lewe van jou huishouding verloor."
- 26 Die seuns van Dan het aangegaan op hul pad en toe Mikhay'hu sien dat hulle te sterk was vir hom, het hy omgedraai en teruggegaan na sy huis.
- 27 Toe het hulle gevat wat Mikhay'hu gemaak het en die priester wat aan hom behoort het en hulle het by Layish, 'n rustige en gemakseveilige volk, gekom en hulle met die skerppe van die swaard verslaan en die stad met vuur verbrand.
- 28 Daar was niemand om hulle te bevry nie, want dit was ver van Tzidon af en hulle het met niemand transaksies aangegaan nie. Dit was in die vallei naby Beit-Regov. Hulle het die stad herbou en daarin gebly.
- 29 Hulle het die stad Dan genoem, volgens die naam van hulle vader Dan wat vir Yisra'el gebore is, maar tevore was die naam van die stad Layish.
- 30 Die seuns van Dan het vir hulle die gesnede beeld opgerig en Y'honatan, die seun van Gershom, die seun van M'nasheh, hy en sy seuns was priesters vir die stam van die Daniete tot op die dag dat die land oorgeneem is.
- 31 So het hulle vir hulleself die gesnede beeld van Mikhay'hu opgerig wat hy gemaak het, al die dae dat die huis van God in Shiloh was.

- 19** 1 Nou het dit gebeur in daardie dae, toe daar geen koning in Yisra'el was nie, dat 'n sekere Leviet in die Bergland van Efrayim gebly het, wat vir homself 'n byvrou gevat het uit Beit-Legem in Y'hudah.
- 2 Sy byvrou het egter teen hom hoereer en van hom af weggegaan na haar vader se huis in Beit-Legem, Y'hudah en sy was daar vir 'n tydperk van vier maande.
- 3 Toe staan haar man op en gaan agter haar aan om sag met haar te praat en haar terug te bring en vat sy dienskneg saam met hom, met 'n paar donkies. Sy het hom in haar vader se huis ingebring en toe die jong vrou se vader hom sien, was hy bly om hom te ontmoet.
- 4 Sy skoonvader, die vader van die jong vrou, het hom teruggehou sodat hy drie dae by hom gebly het. Hulle het geëet en gedrink en daar oorgebly.
- 5 Op die vierde dag het hulle vroeg in die oggend opgestaan en hy het klaargemaak om te gaan en die vader van die jong vrou sê vir sy skoonseun: "Versterk jouself met 'n stukkie brood en daarna kan julle gaan."
- 6 Albei het gaan sit en saam geëet en gedrink en die vader van die jong vrou sê aan die man: "Wees asseblief gewillig om die nag te bly en laat jou gemoed vrolik wees."

- 7 Toe het die man opgestaan om te gaan, maar sy skoonvader het by hom aangedring sodat hy weer die nag daar oorgebly het.
- 8 Op die vyfde dag het hy opgestaan om vroeg in die oggend te gaan en die vader van die jong vrou sê: “Verkwik jouself en wag tot namiddag.” Beide van hulle het geëet.
- 9 Toe die man opstaan om saam met sy byvrou en sy dienskneg weg te gaan, sê sy skoonvader, die vader van die jong vrou, vir hom: “Let nou op, die dag is op sy einde; bly asseblief die nag oor sodat jou gemoed vrolik kan wees, dan, môre, kan julle vroeg opstaan vir julle reis sodat julle huis toe kan gaan.
- 10 Die man was egter nie gewillig om die nag oor te bly nie en hy het opgestaan en vertrek en saam met ’n paar opgesaalde donkies en sy byvrou by ’n plek oorkant Y’vus (dit is Yerushalayim) aangekom.
- 11 Toe hulle Y’vus nader, was die dag amper verby en die dienskneg sê vir sy meester: “Kom, asseblief en laat ons uitdraai na hierdie stad van die Y’vusiëte en daarin oornag.”
- 12 Sy meester sê egter vir hom: “Ons sal nie uitdraai na ’n stad van vreemdelinge wat nie van die seuns van Yisra’el is nie, maar ons sal aangaan so ver as Giv’ah.
- 13 Hy sê vir sy dienskneg: “Kom, laat ons nader gaan na een van hierdie plekke en in Giv’ah of Ramah oornag.
- 14 Hulle het verbygetrek en op hulle pad gegaan en die son het oor hulle ondergegaan naby Giv’ah wat aan Binyamin behoort.
- 15 Hulle het daar afgedraai om in Giv’ah in te gaan en te bly. Toe hulle ingegaan het, het hulle in die oop plein van die stad gaan sit, want niemand het hulle in sy huis ingeneem om te oornag nie.
- 16 Let op, ’n ou man het uit die veld van sy werk af gekom teen sonsondergang. Die man was vanaf die Bergland van Efrayim afkomstig en het in Giv’ah gebly, maar die manne van die plek was Binyaminiëte.
- 17 Hy het sy oë opgelig en die reisiger op die oop plein van die stad gesien en die ou man vra: “Waar gaan u heen en waar kom u vandaan?”
- 18 Hy sê vir hom: “Ons gaan deur van Beit-Legem in Y’hudah tot by die afgeleë deel van die Bergland van Efrayim, want ek is van daar en ek het na Beit-Legem in Y’hudah gereis, maar ek gaan na my huis toe en niemand wil my in sy huis inneem nie.
- 19 Tog is daar beide strooi en voer vir ons donkies en brood en wyn vir my, vir u diensmaagd en vir die jongman wat by u diensknegte is; daar is aan niks gebrek nie.”
- 20 Die ou man sê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Laat my net vir al u behoeftes sorg; moet egter net nie op die oop plein oornag nie.”
- 21 Hy het hom in sy huis ingebring en aan die donkies voer gegee en hulle het hul voete gewas en geëet en gedrink.
- 22 Terwyl hulle feesvier, let op, het die manne van die stad, sekere waardelose manne, die huis omsingel en hard aan die deur geklop en hulle het met die ou man gepraat, die eienaar van die huis en gesê: “Bring die man uit wat in jou huis ingekom het dat ons met hom gemeenskap kan hê.”

- 23 Toe het die man, die eenaar van die huis, uitgegaan na hulle toe en vir hulle gesê: “Nee, my manne, moet asseblief nie so boos optree nie; aangesien hierdie man in my huis ingekom het, moenie hierdie daad van skande doen nie.
- 24 Hier is my maagdelike dogter en sy byvrou. Laat ek hulle asseblief uitbring, onteer hulle en maak met hulle wat julle ook al wil, maar moenie so 'n daad van skande teen hierdie man doen nie,” Lev 18:22,23; 20:13; Rom 1:27; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10
- 25 maar die manne wou nie na hom luister nie. Die man gryp toe sy byvrou en bring haar uit na hulle toe en hulle het haar verkrag en haar die hele nag deur misbruik tot die oggend toe en haar laat gaan met die aanbreek van die dag.
- 26 Met dagbreek het die vrou gekom en neergeval by die ingang van die man se huis waar haar meester was, tot daglig toe.
- 27 Toe haar meester die oggend opstaan en die deure van die huis oopmaak en uitgaan om verder te gaan, let op, het sy byvrou by die ingang van die huis gelê met haar hande op die drumpel.
- 28 Hy sê vir haar: “Staan op en laat ons gaan,” maar daar was geen antwoord nie. Toe sit hy haar op die donkie en die man het opgestaan en na sy huis toe gegaan.
- 29 Toe hy sy huis binnegaan, het hy 'n mes gevat en sy byvrou vasgehou en haar in twaalf stukke gesny; ledemaat vir ledemaat en haar deur die hele grondgebied van Yisra'el gestuur.
- 30 Almal wat dit gesien het, het gesê: “So iets het nog nooit gebeur nie en is nie gesien van die dag af dat die seuns van Yisra'el uit die land van Mitzrayim opgetrek het tot vandag toe nie. Oorweeg dit, beraadslaag en praat!”
- 20** 1 Toe het al die seuns van Yisra'el vanaf Dan tot Be'er-Sh'va, insluitende die land van Gil'ad, uitgekom en die vergadering het soos een man in Mitzpah vergader by יהודה.
- 2 Die leiers van die hele volk, van al die stamme van Yisra'el, het hulle plek ingeneem in die vergadering van die volk van God, vier honderd duisend voetsoldate wat die swaard uittrek.
- 3 Die seuns van Binyamin het gehoor dat die seuns van Yisra'el opgegaan het na Mitzpah. Die seuns van Yisra'el het gesê: “Vertel hoe hierdie boosheid gedoen is.”
- 4 Die Leviet, die man van die vermoorde vrou, antwoord en sê: “Ek en my byvrou het in Giv'ah, wat aan Binyamin behoort, gekom, om te oornag,
- 5 maar die manne van Giv'ah het teen my opgestaan en die huis omsingel in die nag as gevolg van my. Hulle het beplan om my dood te maak; in plaas daarvan, het hulle my byvrou onteer sodat sy gesterf het.
- 6 Ek het my byvrou gevat en haar in stukke opgesny en haar rondgestuur in die hele gebied van die erfenis van Yisra'el omdat hulle boosheid en 'n skandelijke daad in Yisra'el gepleeg het.
- 7 Let op, al julle seuns van Yisra'el, gee julle aanbeveling en raad!”
- 8 Toe staan die hele volk op soos een man en sê: “Geeneen van ons sal na sy tent toe gaan of enige een van ons sal teruggaan na sy huis toe nie,

- 9 maar dit is nou die ding wat ons aan Giv'ah sal doen: gaan op teen hom volgens die lot!
- 10 Ons sal tien man vat uit elke honderd van al die stamme van Yisra'el, 'n honderd uit 'n duisend en 'n duisend uit tien duisend, om kos vir die manne te voorsien sodat wanneer hulle by Giv'ah van Binyamin kom, hulle hul mag straf vir die skandelige daad wat hulle in Yisra'el gepleeg het."
- 11 Dus was al die manne van Yisra'el vergader teen die stad, eensgesind soos een man.
- 12 Toe stuur die stamme van Yisra'el manne deur die hele stam van Binyamin en sê: "Wat is hierdie boosheid wat tussen julle gebeur het?"
- 13 Nou dan, lewer die waardelose manne uit wat in Giv'ah is dat ons hulle kan doodmaak en hierdie boosheid uit Yisra'el uitroei." Die seuns van Binyamin wou egter nie na die stem van hulle broers, die seuns van Yisra'el, luister nie.
- 14 Die seuns van Binyamin het uit die stede in Giv'ah bymekaargekom om uit te trek in oorlog teen die seuns van Yisra'el.
- 15 Die seuns van Binyamin, vanuit die stede, is op dié dag getel: ses en twintig duisend man wat die swaard uittrek, behalwe die inwoners van Giv'ah wat getel is: sewe honderd uitgesoekte manne.
- 16 Uit al hierdie manne was daar sewe honderd uitgesoekte manne wat links was; elkeen kon 'n klip na 'n haar slinger sonder om te mis.
- 17 Toe is die manne van Yisra'el, behalwe Binyamin, getel: vier honderd duisend man wat die swaard uittrek, hulle almal was soldate.
- 18 Die seuns van Yisra'el het opgestaan, opgegaan na Beit-El en God geraadpleeg en gesê: "Wie van ons moet eerste optrek om te veg teen die seuns van Binyamin?" Toe sê יהוה: "Y'udah eerste."
- 19 Die seuns van Yisra'el het die oggend opgestaan en teen Giv'ah gekamp.
- 20 Die manne van Yisra'el het uitgegaan om te veg teen Binyamin en die manne van Yisra'el het opgestel vir die geveg by Giv'ah.
- 21 Toe kom die seuns van Binyamin uit Giv'ah uit en hulle het op dié dag twee en twintig duisend man van Yisra'el teen die grond geslaan,
- 22 maar die volk, die manne van Yisra'el, het hulleself bemoedig en hulle weer opgestel op die plek waar hulle die eerste dag opgestel het.
- 23 Die seuns van Yisra'el het opgegaan en gehuil voor יהוה tot die aand toe en יהוה geraadpleeg en gesê: "Moet ons weer optrek om te veg teen die seuns van my broer, Binyamin?" יהוה sê: "Trek teen hom op!"
- 24 Toe kom die seuns van Yisra'el teen die seuns van Binyamin die tweede dag.
- 25 Binyamin het uit Giv'ah op die tweede dag teen hulle uitgegaan en van die seuns van Yisra'el nog agttien duisend man wat almal die swaard uittrek, teen die grond geslaan.
- 26 Toe het al die seuns van Yisra'el en die hele volk opgegaan na Beit-El en gehuil; daar het hulle gebly voor die Teenwoordigheid van יהוה en dié dag gevas tot die aand toe en brandoffers en vredesoffers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer.
- 27 Die seuns van Yisra'el het יהוה geraadpleeg (want die ark van die verbond van God was in dié dae daar,

- 28 en Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, het in dié dae voor dit gestaan) en gesê: "Moet ek weereens uitgaan in geveg teen die seuns van my broer, Binyamin, of moet ek ophou?" יְהוֹנָדָה sê: "Gaan op, want môre sal Ek hulle in jou hand gee."
- 29 Yisra'el het rondom Giv'ah manne in hinderlaag opgestel.
- 30 Die seuns van Yisra'el het op die derde dag teen die seuns van Binyamin opgegaan en hulle teen Giv'ah opgestel soos die vorige kere.
- 31 Die seuns van Binyamin het uitgegaan teen die manne en is weggelok van die stad af en het soos die vorige kere begin om sommige van die manne op die grootpaaie, waarvan die een opgaan na Beit-El en die ander na Giv'ah en in die veld te slaan en te dood; omtrent dertig man van Yisra'el.
- 32 Die seuns van Binyamin het gesê: "Hulle is voor ons verslaan soos die eerste keer," maar die seuns van Yisra'el het gesê: "Laat ons vlug om hom van die stad af weg te trek na die grootpaaie toe."
- 33 Toe staan al die manne van Yisra'el op uit hulle plekke en neem stelling in by Ba'al-Tamar en die manne van Yisra'el wat in hinderlaag was ruk op uit hulle plekke, uit die grotte van Giv'ah.
- 34 Toe tien duisend uitgesoekte manne uit die hele Yisra'el teen Giv'ah aankom, het die geveg hewig geword, maar Binyamin het nie geweet dat die ramp naby hulle was nie.
- 35 יְהוֹנָדָה het Binyamin voor Yisra'el verslaan sodat die seuns van Yisra'el op dié dag vyf en twintig duisend een honderd man, wat almal die swaard uittrek, van Binyamin vernietig het.
- 36 Die seuns van Binyamin het gesien dat hulle verslaan is. Toe die manne van Yisra'el ruimte vir Binyamin gee omdat hulle vertrou het op die manne in die hinderlaag wat hulle teen Giv'ah opgestel het,
- 37 het die manne in die hinderlaag vinnig teen Giv'ah gestorm; die manne in die hinderlaag het ook ontplooi en die hele stad met die skerpte van die swaard verslaan.
- 38 Die gegewe teken tussen die manne van Yisra'el en die manne in die hinderlaag was dat hulle 'n groot rookwolk uit die stad sal laat optrek.
- 39 Toe het die manne van Yisra'el omgedraai in die geveg en Binyamin het begin om ongeveer dertig man van Yisra'el neer te slaan, want hulle het gedink: "Hulle is sekerlik voor ons verslaan soos in die eerste geveg."
- 40 Toe die wolk egter begin optrek uit die stad in 'n rookpilaar het Binyamin agter hom gekyk en let op, die hele stad het in rook opgegaan na die hemel!
- 41 Toe het die manne van Yisra'el omgedraai en die manne van Binyamin was vreesbevange, want hulle het gesien dat die ramp naby hulle was;
- 42 daarom het hulle hul rûe op die manne van Yisra'el gedraai in die rigting van die wildernis, maar die geveg het hulle ingehaal terwyl die wat uit die stede kom, hulle tussen hulle vernietig.
- 43 Hulle het Binyamin omsingel, hulle agtervolg sonder rus en hulle vertrap oorkant Giv'ah, aan die oostekant.

- 44 So het daar agttien duisend man van Binyamin geval en almal was dapper soldate.
- 45 Die res het omgedraai en na die wildernis gevlug, na die rots van Rimmon, maar hulle het vyf duisend van hulle op die grootpaaie gevang en hulle ingehaal by Gid'om en twee duisend van hulle doodgemaak.
- 46 Al die gesneuweldes van Binyamin op dié dag was vyf en twintig duisend man wat die swaard uittrek en almal van hulle was dapper soldate,
- 47 maar ses honderd man het omgedraai en gevlug na die wildernis, na die rots van Rimmon en vier maande by die rots van Rimmon gebly.
- 48 Die manne van Yisra'el draai toe terug teen die seuns van Binyamin en verslaan hulle met die skerpte van die swaard, beide die hele stad, met die beeste en alles wat hulle gevind het; hulle het ook al die stede wat hulle gevind het, aan die brand gesteek.

- 21** 1 Die manne van Yisra'el het in Mitzpah gesweer en gesê: “Niemand van ons mag sy dogter aan 'n Binyaminiet as vrou gee nie.”
- 2 Die manne het in Beit-El gekom en daar voor die Teenwoordigheid van God gesit en hulle stem opgelig en bitterlik gehuil
- 3 en gesê: “Waarom, O יהוה, God van Yisra'el, het dit in Yisra'el gebeur dat daar vandag een stam uit Yisra'el weg is?”
- 4 Dit het die volgende oggend gebeur dat die manne vroeg opgestaan, daar 'n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers gebring het.
- 5 Toe sê die seuns van Yisra'el: “Wie is daar van al die stamme van Yisra'el wat nie opgegaan het na die vergadering tot יהוה nie?” Omdat hulle 'n plegtige eed geneem het teen die een wat nie opgegaan het na יהוה in Mitzpah nie en gesê het: “Hy sal sekerlik gedood word.”
- 6 Die seuns van Yisra'el het hulle broer Binyamin jammer gekry en gesê: “Daar is vandag een stam uit Yisra'el afgesny.
- 7 Wat sal ons doen aangaande vroue vir hulle wat oorgebly het, aangesien ons by יהוה gesweer het om nie enige van ons dogters aan hulle in die huwelik te gee nie?”
- 8 Hulle sê: “Watter een van die stamme van Yisra'el het nie opgegaan na יהוה in Mitzpah nie?” Let op, niemand het uit Yavesh-Gil'ad na die kamp, die vergadering, gekom nie,
- 9 want toe die volk getel is, let op, daar was niemand van die inwoners van Yavesh-Gil'ad nie.
- 10 Die vergadering stuur twaalf duisend van die dapper manne daarheen en beveel hulle en sê: “Gaan en slaan die inwoners van Yavesh-Gil'ad met die skerpte van die swaard, saam met die vroue en die kinders.
- 11 Dit is die ding wat julle moet doen: alles wat manlik is en al die vroue wat gemeenskap met 'n man gehad het, moet julle volkome vernietig.”
- 12 Hulle het tussen die inwoners van Yavesh-Gil'ad vier honderd jong meisies gevind wat geen gemeenskap met 'n man gehad het nie en dié het hulle na die kamp gebring by Shiloh wat in die land Kena'an is.

- 13 Toe stuur die hele vergadering om met die seuns van Binyamin, wat by die rots van Rimmon was, te praat en vrede met hulle te verklaar.
- 14 Binyamin het in dié tyd teruggekom en hulle het die vroue wat hulle uit die vroue van Yavesh-Gil'ad lewend behou het, vir hulle gegee; tog was daar nie genoeg vir hulle nie.
- 15 Die volk was jammer vir Binyamin omdat יְהוָה 'n skeuring gemaak het onder die stamme van Yisra'el.
- 16 Toe sê die oudstes van die vergadering: "Wat sal ons doen aangaande vroue vir die wat oorgebly het, aangesien die vroue uit Binyamin vernietig is?"
- 17 Hulle het gesê: "Daar moet 'n erfenis wees vir die oorlewendes van Binyamin sodat 'n stam nie uit Yisra'el uitgedelg mag word nie,
- 18 maar ons self kan geen vroue uit ons dogters aan hulle gee nie," want die seuns van Yisra'el het gesweer en gesê: "Vervloek is hy wat 'n vrou aan Binyamin gee."
- 19 Hulle het gesê: "Let op, daar is jaar vir jaar 'n fees tot יְהוָה in Shiloh, wat noord van Beit-El lê, oos van die grootpad wat opgaan van Beit-El na Sh'khem en suid van Levonah.
- 20 Hulle het die seuns van Binyamin beveel en gesê: "Gaan lê en wag in die wingerde,
- 21 kyk en let op, as die dogters van Shiloh uitkom om deel te neem aan die danse, dan moet julle uit die wingerde uitkom en elkeen van julle moet sy vrou, uit die dogters van Shiloh vang en na die land Binyamin gaan.
- 22 Dit sal gebeur dat as hulle vaders of hulle broers kom om by ons te kla, ons vir hulle sal sê: "Gee hulle vrywilliglik aan óns, want ons het nie vir elkeen 'n vrou in die oorlog gevat nie en ook het julle hulle nie aan hulle gegee nie, anders sou julle nou skuldig wees."
- 23 Die seuns van Binyamin het so gedoen en vroue gevat volgens hulle getal uit die wat dans, wat hulle weggedra het en hulle het weggegaan en teruggekeer na hul erfenis toe en hulle het die stede herbou en daarin gewoon.
- 24 Die seuns van Yisra'el het in daardie tyd daarvandaan weggegaan, elkeen na sy stam en na sy familie en elkeen van hulle het daarvandaan uitgegaan na sy erfenis toe.
- 25 In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë.

Die agste boek van die Verbond (Tanakh)

Die derde boek van die Profete

Die derde boek van die Vroeëre Profete

Sh'mu'el Alef

(1 Samuel)

(שמואל - Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is die Magtige
God
of - deur die Magtige God gehoor)

Sh'mu'el Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die skrywer(s) van die boeke van Sh'mu'el was bes
moontlik Sh'mu'el, Gad en Natan. Sh'mu'el het die eerste
24 hoofstukke van die eerste boek geskryf; Gad, Dawid
se vriend, het die geskiedenis voortgesit en Natan het dit
voltooi en saamgestel.

- 1 1 Daar was 'n sekere man uit Ramatayim-Tzofim, van die Bergland van Efrayim en sy naam was Elkanah, die seun van Yerogam, die seun van Elihu, die seun van Togu, die seun van Tzuf, van Efrayim.
- 2 Hy het twee vroue gehad; die naam van die een was Hannah en die naam van die ander was P'ninah. P'ninah het kinders gehad, maar Hannah het geen kinders gehad nie.
- 3 Dié man het elke jaar opgegaan uit sy stad om op sy gesig neer te buig en aan יהוה - Tzva'ot (יהוה van die leërmag) te offer in Shiloh, waar die twee seuns van 'Eli, Hofni en Pingas, priesters van יהוה was.
- 4 Wanneer die dag kom dat Elkanah geoffer het, het hy vir sy vrou P'ninah en al haar seuns en haar dogters 'n porsie gegee,
- 5 maar aan Hannah het hy 'n dubbele porsie gegee, want hy het Hannah liefgehad, maar יהוה het haar baarmoeder gesluit.
- 6 Haar mededingster het haar egter bitterlik geterg om haar te irriteer omdat יהוה haar baarmoeder gesluit het.
- 7 Dit het jaar na jaar gebeur, elke keer as sy opgaan na die huis van יהוה, het sy haar geterg; sy het dan gehuil en wou nie eet nie.
- 8 Dan sê haar man, Elkanah, vir haar: "Hannah, waarom huil jy en waarom eet jy nie en waarom is jou binneste treurig? Is ek nie vir jou beter as tien seuns nie?"
- 9 Hannah het opgestaan nadat hulle geëet en gedrink het in Shiloh en na die Huis van יהוה gegaan. 'Eli, die priester, het op die stoel by die deurpos van die tempel van יהוה gesit.
- 10 Sy het, baie bedroef, tot יהוה gebid en bitterlik gehuil.
- 11 Sy het 'n gelofte gedoen en gesê: "Tzva'ot - יהוה, as U waarlik die ellende van U diensmaagd raaksien en my onthou en U diensmaagd nie vergeet nie, maar U diensmaagd 'n seun gee, dan sal ek hom aan יהוה gee al die dae ^{Lev 27; Num 3:43-45} van sy lewe en 'n skeermes sal nooit op sy kop kom nie." ^{Rig 13:4,5}
- 12 Dit het gebeur terwyl sy aanhou bid voor יהוה dat 'Eli haar mond dophou.
- 13 Hannah het in haar binneste gepraat, net haar lippe het beweeg, maar haar stem is nie gehoor nie; 'Eli het gedink dat sy dronk was.
- 14 Toe sê 'Eli vir haar: "Hoe lank wil jy jouself dronk maak? Sit jou wyn van jou af weg."
- 15 Hannah antwoord egter: "Nee, my meester, ek is 'n vrou wat in my gees onderdruk is; ek het nie wyn of sterk drank gedrink nie, maar ek het my verstand, wil en emosie voor יהוה uitgestort.
- 16 Beskou tog nie u dienaresses as 'n waardelose vrou nie, want ek het tot nou toe vanuit my groot bekommernis en verdriet gepraat."
- 17 Toe antwoord 'Eli en sê: "Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en mag die God van Yisra'el jou versoek, wat jy van Hom gevra het, toestaan."
- 18 Sy sê: "Mag u dienaresses guns in u oë vind." Die vrou het toe weggegaan en sy het geëet en haar gesig was nie dieselfde nie.

- 19 Toe het hulle die oggend vroeg opgestaan en voor יהוה aanbid en teruggegaan na hulle huis in Ramah en Elkanah het 'n intieme verhouding met sy vrou Hannah gehad en יהוה het haar onthou.
- 20 Dit het gebeur op die tyd nadat Hannah bevrug is dat sy geboorte gegee het aan 'n seun en hom Sh'mu'el genoem het, "want," het sy gesê, "ek het hom van יהוה gevra."
- 21 Toe het die man, Elkanah, saam met sy huisgesin opgegaan om aan יהוה die jaarlikse offer en sy gelofte-offer te bring,
- 22 maar Hannah het nie opgegaan nie, want sy het vir haar man gesê: "Wanneer die seun gespeen is, dan sal ek hom bring dat hy voor die Teenwoordigheid van יהוה kan verskyn en daar vir altyd bly."
- 23 Elkanah, haar man, het vir haar gesê: "Doen wat vir jou die beste is. Bly totdat jy hom gespeen het; mag יהוה net Sy woord bevestig." Die vrou het gebly en haar seun versorg totdat sy hom gespeen het.
- 24 Toe sy hom gespeen het, het sy hom saam met haar gebring, met 'n drie jaar oue bul, 'n efa meel en 'n houer wyn en sy het hom gebring na die Huis van יהוה in Shiloh, alhoewel die seun jonk was.
- 25 Toe het hulle die bul geslag en die seun na Eli toe gebring.
- 26 Sy het gesê: "Ag, my meester, so waar as u self leef, my meester, ek is die vrou wat hier langs u gestaan en tot יהוה gebid het.
- 27 Vir hierdie seun het ek gebid en יהוה het my versoek aan my gegee wat ek van Hom gevra het.
- 28 So het ek hom ook toegewy aan יהוה; al die dae wat hy leef is hy aan יהוה toegewy." Hulle het יהוה daar aanbid.
- 2** 1 Toe het Hannah gebid en gesê: "My verstand, wil en emosie juig in יהוה, my horing is opgelig in יהוה, my mond praat vrymoediglik teen my vyande, want ek verheug my in U verlossing.
- 2 Daar is niemand afgesonderd soos יהוה nie; inderdaad, daar is niemand buiten U en ook is daar geen Rots soos ons God nie.
- 3 Moenie meer so trots grootpraat nie; moenie dat arrogansie uit julle mond kom nie, want יהוה is 'n God van kennis en by Hom word die dade geweeg.
- 4 Die boë van die magtiges is verbreek, maar die swakkes is met krag omgord.
- 5 Die wat versadig was, het hulleself vir brood uitverhuur, maar die wat honger gehad het, het kos oorgehou. Selfs die onvrugbare het aan sewe geboorte gegee, maar sy wat baie kinders het, kwyn weg.
- 6 יהוה maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal na Sh'ol en laat opstaan.
- 7 יהוה maak arm en ryk; Hy verneder, Hy verhoog ook.
- 8 Hy lig die arme op uit die stof, uit die ashoop lig Hy die behoeftege op, om hulle te laat sit by die edeles en 'n erestoel te laat erf, want aan יהוה behoort die pilare van die aarde en Hy het die wêreld daarop gevestig.
- 9 Hy bewaar die voete van Sy Godvresendes, maar die bose oortreders word stil gemaak in duisternis, want 'n mens sal nie deur krag oorleef nie.

- 10 Die wat met יהוה s'ry, sal verpletter word; teen hulle donder Hy in die hemele; יהוה sal die eindes van die aarde oordeel, Hy sal krag gee aan Sy koning en die horing van Sy gesalfde op'lig."
- 11 Toe het Elkanah na sy huis in Rama gegaan, maar die seun het tot יהוה bedien voor 'Eli, die priester.
- 12 Nou, die seuns van 'Eli was bose manne; hulle het nie 'n verbondsverhouding met יהוה gehad
- 13 of die priesters se gebruike met die mense geken nie. As enige iemand 'n offer gebring het, dan kom die dienskneg van die priester terwyl die vleis kook, met 'n drietand-vurk in sy hand
- 14 en steek dit in die kastrol, pot, pan of skottel; alles wat die vurk optrek, vat die priester vir homself. So het hulle in Shiloh gedoen met al die Yisra'eliete wat daarheen gekom het.
- 15 Ook, voordat hulle die vet verbrand, sal die dienskneg van die priester kom en aan die man wat offer sê: "Gee vir die priester vleis om te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou vat."
- 16 As die man vir hom sê: "Hulle moet sekerlik eers die vet verbrand, vat dan soveel as wat jy begeer," dan sal hy sê: "Nee, maar jy moet dit nou gee en so nie sal ek dit met geweld vat." ^{Lev 7:25}
- 17 So was die sonde van die jong manne baie groot voor יהוה, want die manne het die offer aan יהוה verag. ^{Num 18:21,32; 1 Sh'm 2:28,29}
- 18 Sh'mu'el het as seun bedien voor die Teenwoordigheid van יהוה, omgord met 'n linne skouerkleed.
- 19 Sy moeder het jaar na jaar vir hom 'n klein kledingstukkie gemaak en dit vir hom gebring wanneer sy saam met haar man opgaan om die jaarlikse offer te bring.
- 20 Dan sal 'Eli vir Elkanah en sy vrou seën en sê: "Mag יהוה jou seuns gee uit hierdie vrou in die plek van die een wat sy aan יהוה toegewy het." Hulle het na hulle huis toe gegaan.
- 21 יהוה het Hannah besoek en sy is bevrug en het geboorte gegee aan drie seuns en twee dogters. Die seun Sh'mu'el het groot geword voor יהוה.
- 22 'Eli was baie oud en hy het alles wat sy seuns aan die hele Yisra'el doen en hoe hulle by die vroue, wat dien by die ingang van die Tent van Ontmoeting, gelê het, gehoor.
- 23 Hy het vir hulle gesê: "Waarom doen julle sulke dinge, die bose dinge wat ek van al hierdie mense hoor?"
- 24 Nee, my seuns, die verslag wat ek hoor is nie goed nie, want julle dryf die mense weg van יהוה af.
- 25 As een mens teen 'n ander sondig, sal God vir hom intree, maar as 'n mens teen יהוה sondig, wie kan vir hom tussenbeide tree?" Hulle wou egter nie na die stem van hul vader luister nie, want יהוה het begeer om hulle dood te maak.
- 26 Nou die seun Sh'mu'el het gegroei in grootte en in guns by יהוה, sowel as by die mense. ^{Luk 2:52}

- 27 Toe het 'n man van God by 'Eli gekom en vir hom gesê: “So sê יהוה: ‘Het Ek My nie sekerlik openbaar aan die huis van jou vader toe hulle in Mitzrayim in die huis van Farao was nie?’
- 28 Het Ek hulle nie vir My as priester gekies vanuit al die stamme van Yisra'el om op te klim na My altaar, om reukwerk aan die brand te steek en om 'n skouerkleed voor My te dra nie en het Ek nie aan die huis van jou vader al die vuuroffers van die seuns van Yisra'el gegee nie? ^{Num 18:21,32; 1 Sh'm 2:13-17,29}
- 29 Waarom het julle geskop na (hanteer julle verkeerd) My offers en vrywillige offers wat Ek in die wildernis beveel het en eer jy jou seuns bo My, deur julleself vet te maak met die beste van elke offer van My volk Yisra'el? ^{Num 18:21,32; 1 Sh'm 2:13-17,28}
- 30 יהוה, die God van Yisra'el verklaar daarom: ‘Ek het sekerlik gesê dat jou huis en die huis van jou vader vir altyd voor My aangesig sal loop,’ maar nou verklaar יהוה: ‘Dit is ver van My, want die wat My eer, sal Ek eer en die wat My verag, sal min geag wees.
- 31 Let op, die dae kom dat Ek jou sterkte en die sterkte van jou vader se huis sal breek sodat daar nie 'n ou man in jou huis sal wees nie.
- 32 Jy sal die benoudheid van My huis aanskou, ten spyte van al die goed wat Ek vir Yisra'el doen en vir ewig sal daar nie 'n ou man in jou huis wees nie.
- 33 Tog sal Ek nie al jou manne afsny van My altaar nie sodat jou oë nie sal huil en jou verstand, wil en emosie treur nie en al die vermeerdering van jou huis, sal in die fleur van die lewe sterf. ^{1 Kon 2:26-27}
- 34 Hierdie sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en Pingas, sal kom: op een dag sal hulle altwee sterf.
- 35 Ek sal egter vir My 'n getroue priester opwek wat sal doen volgens wat in My Gees en in My verstand, wil en emosie is en Ek sal vir hom 'n standhoudende huis bou en My gesalfde sal altyd voor My loop.’
- 36 Almal wat in jou huis oorbly, sal kom om voor hom neer te buig vir 'n stukkie silwer of 'n brood en sê: ‘Stel my asseblief aan as een van die priesters sodat ek 'n stukkie brood kan eet’.”
- 3** 1 Die jongman Sh'mu'el het יהוה gedien voor 'Eli en die boodskap van יהוה was skaars in daardie dae; visioene was daar nie dikwels nie.
- 2 Dit het gebeur in dié tyd terwyl 'Eli op sy plek lê (sy oë het begin swak word, hy kon nie goed sien nie)
- 3 en die lamp van God nog nie doodgegaan het nie en Sh'mu'el gelê het in die tempel van יהוה, waar die ark van God was
- 4 dat יהוה na Sh'mu'el geroep het en hy sê: “Hier is ek.”
- 5 Toe hardloop hy na 'Eli en sê: “Hier is ek, want u het my geroep,” maar hy antwoord: “Ek het nie geroep nie; gaan lê weer.” Hy het toe geloop en gaan lê.
- 6 יהוה het weer geroep: “Sh'mu'el!” Sh'mu'el het opgestaan en na 'Eli gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep,” maar hy antwoord: “Ek het nie geroep nie, my seun, gaan lê weer.”
- 7 Nou, Sh'mu'el het nog nie 'n verbondsverhouding met יהוה gehad nie; ook was die boodskap van יהוה nog nie aan hom geopenbaar nie.

- 8 יהוה het Sh'mu'el weer geroep, vir die derde maal en hy het opgestaan en na 'Eli gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Toe het 'Eli onderskei dat יהוה die jongman geroep het
- 9 en 'Eli het vir Sh'mu'el gesê: "Gaan lê en as Hy jou roep, moet jy antwoord: 'Praat, יהוה, want U dienskneg luister.'" Sh'mu'el het geloop en op sy plek gaan lê.
- 10 Toe het יהוה gekom en gaan staan en geroep soos die ander kere: "Sh'mu'el, Sh'mu'el!" Sh'mu'el het gesê: "Praat, want U dienskneg luister."
- 11 יהוה het vir Sh'mu'el gesê: "Let op, Ek is op die punt om 'n ding in Yisra'el te doen waarvan albei die ore van elkeen wat dit hoor sal tuit.
- 12 Op daardie dag sal Ek teen 'Eli uitvoer alles wat Ek aangaande sy huis gesê het, van begin tot end,
- 13 want Ek het hom vertel dat Ek op die punt is om sy huis vir ewig te oordeel vir die onregverdigheid waarvan hy geweet het, want sy seuns het 'n vloek oor hulleself gebring en hy het hulle nie bestraf nie.
- 14 Ek het daarom teen die huis van 'Eli gesweer dat die onregverdigheid van die huis van 'Eli tot in ewigheid nie deur offers of geskenke toegedek sal word nie."
- 15 Sh'mu'el het gelê tot die oggend. Toe het hy die deure van die huis van יהוה oopgemaak, maar Sh'mu'el was bang om die visioen aan 'Eli te vertel.
- 16 Toe het 'Eli vir Sh'mu'el geroep en gesê: "Sh'mu'el, my seun!" Hy antwoord: "Hier is ek."
- 17 Hy vra: "Wat is die boodskap wat Hy met jou gepraat het? Steek dit asseblief nie vir my weg nie. Mag God so aan jou doen en ook meer, as jy iets van al die woorde wat Hy met jou gepraat het, vir my wegsteek."
- 18 Sh'mu'el het hom alles vertel en niks vir hom weggesteek nie. Hy het gesê: "Hy is יהוה; laat Hom doen wat Hy dink is goed."
- 19 So het Sh'mu'el gegroei en יהוה was by hom en het nie een van Sy boodskappe onervuld laat bly nie.
- 20 Die hele Yisra'el, vanaf Dan tot by Be'er-Sh'va het geweet dat Sh'mu'el bevestig is as 'n profeet van יהוה.
- 21 יהוה het weer verskyn in Shiloh, want יהוה het Hom openbaar aan Sh'mu'el in Shiloh deur die boodskap van יהוה.
- 4** 1 So het die boodskap van Sh'mu'el tot die hele Yisra'el gekom. Yisra'el het uitgegaan om die F'lishtyne in geveg te ontmoet en langs Even-ha'Ezer gekamp terwyl die F'lishtyne by Afek gekamp het.
- 2 Die F'lishtyne het opgestel in gevegsorde om Yisra'el te ontmoet. Toe die geveg ontwikkel, is Yisra'el voor die F'lishtyne verslaan, wat ongeveer vier duisend man op die gevegsterrein doodgeslaan het.
- 3 Toe die manskappe die laer inkom, sê die oudstes van Yisra'el: "Waarom het יהוה ons vandag voor die F'lishtyne verslaan? Laat ons die ark van die verbond van יהוה vanaf Shiloh na ons toe bring dat dit tussen ons inkom en ons verlos van die krag van ons vyande."

- 4 Die mense het na Shiloh gestuur en hulle het die ark van die verbond van יהוה van die leërskaar, wat bo die gérubs bly, daarvandaan gedra en die twee seuns van `Eli, Hofni en Pingas, was daar by die ark van die verbond van God.
- 5 Soos die ark van die verbond van יהוה die laer inkom, het die hele Yisra'el uitgeroep met 'n groot geskreeu van vreugde sodat die aarde weergalm het.
- 6 Toe die F'lishtyne die klank van die geskreeu hoor, het hulle gesê: "Wat beteken die geluid van die groot geskreeu in die laer van die Hebreërs?" Toe verstaan hulle dat die ark van יהוה in die kamp ingekom het.
- 7 Die F'lishtyne was bang, want hulle het gesê: "God het in die kamp ingekom!" Hulle het ook gesê: "Wee ons, want so iets het nog nie vroeër gebeur nie."
- 8 Wee ons! Wie sal ons red uit die hand van hierdie magtige gode? Hierdie is die gode wat die Mitzrayimiete met allerhande plaes getref het en wonderwerke in die wildernis gedoen het.
- 9 Wees dapper en wees manne, F'lishtyne, of julle sal slawe word vir die Hebreërs soos hulle vir julle slawe was; daarom, wees manne en veg."
- 10 So het die F'lishtyne geveg, Yisra'el is verslaan en elke man het na sy tent toe gevlug en die slagting was baie groot, want daar het dertig duisend voetsoldate van Yisra'el geval.
- 11 Die ark van God is ook gevat en die twee seuns van `Eli, Hofni en Pin'gas, het gesterf.
- 12 'n Man van Binyamin het van die gevegslin af gehardloop en dieselfde dag in Shiloh aangekom met sy klere geskeur en stof op sy kop.
- 13 Toe hy kom, let op, `Eli het op sy sitplek langs die pad gesit, ywerig wagtend, want hy was besorg oor die ark van God. Die man het gekom om dit in die stad te vertel en die hele stad het uitgeroep.
- 14 Toe `Eli dan die geluid van die geskreeu hoor, sê hy: "Wat beteken die geraas van hierdie oproer?" Toe het die man haastig gekom en `Eli vertel.
- 15 `Eli was agt en negentig jaar oud en sy oë het styf gestaan sodat hy nie kon sien nie.
- 16 Die man het vir `Eli gesê: "Ek is die een wat vanaf die gevegslin gekom het. Waarlik, ek het vandag van die gevegslin af ontvlug." Hy vra: "Hoe het dinge gegaan, my seun?"
- 17 Toe het die een wat die nuus gebring het, geantwoord: "Yisra'el het voor die F'lishtyne gevlug en daar was ook 'n groot slagting onder die manne en u twee seuns, Hofni en Pin'gas, is dood en die ark van God is gevat."
- 18 Toe hy die ark van God noem, val `Eli agteroor van die stoel af langs die poort; sy nek is gebreek en hy het gesterf, want hy was oud en swaar. So het hy Yisra'el veertig jaar lank gerig.
- 19 Sy skoondogter, die vrou van Pin'gas, was verwagterend en op die punt om geboorte te gee en toe sy die tyding hoor dat die ark van God gevat is en dat haar skoonvader en haar man gesterf het, het sy neergekniel en geboorte gegee, want haar pyn het haar oorval.

- 20 Op die tyd van haar dood, sê die vroue wat by haar staan: “Moenie bang wees nie, want jy het geboorte gegee aan ’n seun,” maar sy het nie geantwoord of aandag gegee nie.
- 21 Sy het die seun I-Khavod genoem en gesê: “Die eer en lof het uit Yisra’el uit weggegaan” omdat die ark van God weggevat is en as gevolg van haar skoonvader en haar man.
- 22 Sy het gesê: “Die eer en lof is weg uit Yisra’el uit omdat die ark van God gevat is.”
- 5** 1 Die F’lishtyne het die ark van God gevat en dit van Even-ha’Ezer af na Ashdod gebring.
- 2 Toe het die F’lishtyne die ark van God gevat en dit na die huis van Dagon gebring en dit langs Dagon neergesit.
- 3 Toe die Ashdodiete vroeg die volgende oggend opstaan, let op, het Dagon op sy gesig op die grond voor die ark van יהוה geval. Hulle vat vir Dagon en sit hom weer op sy plek,
- 4 maar toe hulle die volgende oggend vroeg opstaan, let op, het Dagon op sy gesig op die grond voor die ark van יהוה geval en Dagon se kop en sy twee handpalms lê afgekap op die drumpel; net Dagon se lyf het vir hom oorgebly;
- 5 daarom trap die priesters van Dagon en almal wat in die huis van Dagon ingaan, tot vandag toe nie op die drumpel van Dagon se huis in Ashdod nie.
- 6 Die hand van יהוה was swaar op die Ashdodiete en Hy het hulle geteister en hulle getref met gewasse, beide Ashdod en sy grondgebiede.
- 7 Toe die manne van Ashdod sien dat dit so is, sê hulle: “Die ark van die God van Yisra’el mag nie by ons bly nie, want Sy hand is swaar op ons en op Dagon, ons god.
- 8 Hulle het gegaan en al die meesters van die F’lishtyne by hulle bymekaar laat kom en gesê: “Wat moet ons met die ark van die God van Yisra’el doen?” Hulle het gesê: “Laat die ark van die God van Yisra’el terug gaan na Gat.” Hulle het die ark van die God van Yisra’el terug gebring.
- 9 Nadat hulle dit oorgebring het, was die hand van יהוה teen die stad met ’n baie groot verwarring en Hy het die mense van die stad getref, beide jonk en oud sodat gewasse op hulle uitbreek het.
- 10 Hulle stuur toe die ark van God na `Ekron en toe die ark van God in `Ekron aankom, het die `Ekroniete uitgeroep en gesê: “Hulle het die ark van die God van Yisra’el na ons toe oorgebring om ons en ons mense dood te maak.”
- 11 Hulle het daarom gestuur en al die meesters van die F’lishtyne het vergader en gesê: “Stuur die ark van die God van Yisra’el weg en laat dit na sy eie plek toe teruggaan sodat dit nie ons en ons mense sal doodmaak nie,” want daar was ’n dodelike verwarring regdeur die hele stad; die hand van God was baie swaar daar
- 12 en die mense wat nie gesterf het nie, is met gewasse getref en die geskreeu van die stad het na die hemel opgegaan.

- 6 1 Die ark van יְהוָה was nou sewe maande lank in die land van die F'lishtyne
 2 en die F'lishtyne het die priesters en die waarsêers geroep en gesê: “Wat moet ons met die ark van יְהוָה doen? Vertel ons hoe ons dit na sy plek toe moet stuur.”
 3 Hulle sê: “As julle die ark van die God van Yisra'el wegstuur, moet dit nie leeg wegstuur nie, maar julle moet beslis aan Hom 'n skuldoffer stuur; dan sal julle gesond word en julle sal weet waarom Sy hand nie van julle verwyder word nie.
 4 Toe vra hulle: “Wat sal die skuldoffer wees wat ons aan Hom moet teruggee?” Hulle sê: “Vyf goue gewasse en vyf goue muise, volgens die getal van die meesters van die F'lishtyne, want een plaag was oor julle almal en oor julle meesters.
 5 Julle moet beelde maak van julle gewasse en beelde van julle muise wat die land teister en julle moet eer, lof en aanbidding gee aan die God van Yisra'el; miskien sal Hy Sy hand verlig oor julle, julle gode en julle land.
 6 Waarom dan verhard julle jul verstand, wil en emosie soos die Mitzrayimiete en Farao hulle verhard het? Het hulle hul nie toegelaat om weg te trek nadat Hy hulle swaar gestraf het nie en hulle het weggegaan?
 7 Vat en berei daarom 'n nuwe wa voor en twee melkkoeie waar geen juk op was nie; span die koeie in voor die wa en vat hulle kalwers van hulle af weg, huis toe.
 8 Vat die ark van יְהוָה en sit dit op die wa en sit die goue voorwerpe wat julle aan Hom as skuldoffer teruggee, in 'n kis langsaan. Stuur dit dan weg dat dit kan gaan.
 9 Hou dop: as dit in die rigting van sy eie gebied, na Beit-Shemesh, opgaan, dan het Hy hierdie groot boosheid aan ons gedoen, maar so nie, dan weet ons dat dit nie Sy hand was wat ons getref het nie: dit het toevallig met ons gebeur.”
 10 Toe doen die manne so en vat twee melkkoeie en span hulle voor die wa en maak hulle kalwers by die huis toe.
 11 Hulle sit die ark van יְהוָה op die wa, asook die kis met die goue muise en die beelde van hulle gewasse.
 12 Die koeie het die reguit pad in die rigting van Beit-Shemesh gevat; hulle het op die hoofpad, al bulkend, geloop sonder om regs of links uit te draai en die meesters van die F'lishtyne het hulle gevolg tot by die grens van Beit-Shemesh.
 13 Die mense van Beit-Shemesh was besig om die koringoes af te sny in die vallei. Hulle het hul oë opgeslaan, die ark gesien en hulle was verheug om dit te sien.
 14 Die wa het in die veld van Y'hoshua van Beit-Shemesh gekom en daar gaan staan waar daar 'n groot klip was en hulle het die hout van die wa gekloof en die koeie as 'n brandoffer aan יְהוָה geoffer.
 15 Die Leviete het die ark van יְהוָה afgehaal met die kis wat daarby was, waarin die goue voorwerpe was en hulle op die groot klip neergesit en die manne van Beit-Shemesh het daardie dag aan יְהוָה brandoffers geoffer en slagoffers geslag.
 16 Toe die vyf meesters van die F'lishtyne dit sien, het hulle daardie dag teruggegaan na 'Ekron.
 17 Hierdie is die goue gewasse wat die F'lishtyne as 'n skuldoffer aan יְהוָה teruggegee het: vir Ashdod een, vir Gazah een, vir Ashkelon een, vir Gat een, vir 'Ekron een.

- 18 Die goue muise was volgens die getal van al die stede van die F'lishtyne wat aan die vyf meesters behoort het, beide van die versterkte stede, sowel as van die plattelandse dorpe. Die groot klip waarop hulle die ark van יהוה neergesit het, is tot vandag toe getuie in die veld van Y'hoshua, van Beit-Shemesh.
- 19 Hy het die mense van Beit-Shemesh neergeslaan omdat hulle in die ark van יהוה ingekyk het. Hy het van al die mense vyf duisend en sewentig man gedood en die volk het getreur omdat יהוה die mense met 'n groot slagting geslaan het. ^{Num 4:20}
- 20 Die manne van Beit-Shemesh het gesê: "Wie is in staat om te staan voor die Teenwoordigheid van יהוה, hierdie afgesonderde God? Na wie toe sal Hy optrek van ons af?"
- 21 Hulle het boodskappers gestuur na die inwoners van Kiryat-Ye'arim en gesê: "Die F'lishtyne het die ark van יהוה teruggebring; kom af en bring dit op na julle toe."
- 7** 1 Die manne van Kiryat-Ye'arim het gekom en die ark van יהוה gevat en dit in die huis van Avinadav op die heuwel gebring en hulle het sy seun El'azar afgesonder om die ark van יהוה te versorg.
- 2 Vanaf die dag dat die ark in Kiryat-Ye'arim gekom het, het daar 'n lang tyd verloop, want dit was twintig jaar en die hele huis van Yisra'el het agter יהוה aan geweeklaag.
- 3 Toe het Sh'mu'el met die hele huis van Yisra'el gepraat en gesê: "As julle met jul hele verstand, wil en emosie terugdraai na יהוה, die vreemde gode en die 'Ashtarot tussen julle uit verwyder en julle verstand, wil en emosie op יהוה rig en Hom alleen dien, sal Hy julle bevry uit die hand van die F'lishtyne."
- 4 Die seuns van Yisra'el het die Ba'als en die 'Ashtarot verwyder en יהוה alleen gedien.
- 5 Toe het Sh'mu'el gesê: "Versamel die hele Yisra'el by Mitzpah en ek sal tot יהוה vir julle bid."
- 6 Hulle het by Mitzpah bymekaargekom, water opgetrek en dit voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgegiet en op daardie dag gevas en daar gesê: "Ons het gesondig teen יהוה." Sh'mu'el het die seuns van Yisra'el by Mitzpah gerig.
- 7 Toe die F'lishtyne hoor dat die seuns van Yisra'el by Mitzpah bymekaargekom het, het die meesters van die F'lishtyne teen Yisra'el opgetrek en toe die seuns van Yisra'el dit hoor, was hulle bang vir die F'lishtyne.
- 8 Toe sê die seuns van Yisra'el vir Sh'mu'el: "Moenie ophou om na יהוה, ons God, uit te roep namens ons nie dat Hy ons uit die hand van die F'lishtyne mag red."
- 9 Sh'mu'el het 'n gespeende lam gevat en dit as 'n volkome brandoffer aan יהוה geoffer en Sh'mu'el het tot יהוה uitgeroep namens Yisra'el en יהוה het hom geantwoord.
- 10 Sh'mu'el het die brandoffer gebring en die F'lishtyne het nadergekom om teen Yisra'el te veg, maar יהוה het op dié dag met 'n groot donderslag teen die F'lishtyne gedonder en hulle in verwarring gebring sodat hulle verslaan is voor Yisra'el.
- 11 Die manne van Yisra'el het uit Mitzpah uitgetrek en die F'lishtyne agtervolg en hulle neergeslaan tot so ver as onderkant Beit-Kar.
- 12 Toe het Sh'mu'el 'n klip gevat en dit opgerig tussen Mitzpah en Shen en dit Even-ha'Ezer genoem en gesê: "Tot hiertoe het יהוה ons gehelp."

- 13 So is die F'lishtyne onderwerp en hulle het nie meer die gebied van Yisra'el binnegekom nie en die hand van יהוה was teen die F'lishtyne, al die dae van Sh'mu'el.
- 14 Die stede wat die F'lishtyne van Yisra'el afgevat het, is tot Yisra'el herstel, van 'Ekron af tot by Gat en Yisra'el het hulle gebied uit die hand van die F'lishtyne bevry. Daar was vrede tussen Yisra'el en die Emoriete.
- 15 Sh'mu'el was rigter oor Yisra'el al die dae van sy lewe.
- 16 Hy het van jaar tot jaar rondgetrek na Beit-El, Gilgal en Mitzpah en Yisra'el op al hierdie plekke gerig.
- 17 Dan gaan hy na Ramah terug, want sy huis was daar en daar het hy Yisra'el gerig en daar vir יהוה 'n altaar gebou.
- 8** 1 Dit het gebeur dat toe Sh'mu'el oud was, hy sy seuns as rigters oor Yisra'el aangestel het.
- 2 Die naam van sy eersgeborene was Yo'el en die naam van sy tweede Aviyah; hulle het in Be'er-Sh'va gerig. ^{1 Kro 6:28}
- 3 Sy seuns het egter nie in sy weë geloop nie, maar het na oneerlike wins afgedraai en omkoopgeskenke ontvang en die reg verdraai. ^{Deut 27:25; 24:17}
- 4 Toe het al die oudstes van Yisra'el saam vergader en by Sh'mu'el gekom in Ramah
- 5 en vir hom gesê: "Let op, u het oud geword en u seuns loop nie in u weë nie. Stel nou soos al die nasies 'n koning oor ons aan om ons te rig."
- 6 Dié ding was egter verkeerd in die oë van Sh'mu'el toe hulle gesê het: "Gee vir ons 'n koning om ons te rig," en Sh'mu'el het tot יהוה gebid.
- 7 יהוה sê vir Sh'mu'el: "Luister na die stem van die volk in alles wat hulle vir jou sê, want hulle het jôu nie verwerp nie, maar hulle het Mý verwerp as Koning oor hulle.
- 8 Soos al die dade wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Mitzrayim laat optrek het tot vandag toe deurdat hulle My verlaat en ander gode gedien het; so doen hulle ook aan jou. ^{Deut 17:14-20}
- 9 Luister dan nou na hulle stem: jy moet hulle egter ernstig waarsku en hulle vertel van die werkswyse van die koning wat oor hulle sal regeer."
- 10 Sh'mu'el het al die woorde van יהוה aan die mense, wat 'n koning van hom gevra het, oorgedra.
- 11 Hy het gesê: "Dit sal die werkswyse wees van die koning wat oor julle sal regeer: hy sal julle seuns vat en hulle vir homself in sy strydwaens sit en by sy perderuiters en hulle sal voor sy wa hardloop.
- 12 Hy sal vir homself bevelvoerders oor duisend en bevelvoerders oor vyftig aanstel en sommige om sy land te ploeg en om sy oes in te samel en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak.
- 13 Hy sal ook julle dogters as salfmengsters, kooksters en baksters vat.
- 14 Hy sal die beste van julle lande, julle wingerde en julle olyfboorde vat en aan sy diensknegte gee.
- 15 Hy sal 'n tiende van julle saailande en julle wingerde vat en dit vir sy offisiere en sy diensknegte gee.

- 16 Hy sal julle slawe en slavinne, julle beste jongmanne en julle donkies vat en vir sy werk gebruik.
- 17 Hy sal 'n tiende van julle kleinvee vat en julleself sal sy slawe wees.
- 18 Dan sal julle in dié dag uitroep as gevolg van jul koning wat julle vir julleself gekies het, maar יהוה sal julle nie in dié dag verhoor nie."
- 19 Nogtans het die volk geweier om na die stem van Sh'mu'el te luister en hulle het gesê: "Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees
- 20 dat ons ook kan wees soos al die nasies; dat ons koning ons kan rig en voor ons uittrek en ons gevegte veg."
- 21 Nadat Sh'mu'el al die woorde van die mense aangehoor het, het hy hulle herhaal ten aanhore van יהוה.
- 22 יהוה het vir Sh'mu'el gesê: "Luister na hulle stem en stel 'n koning oor hulle aan." Sh'mu'el het vir die manne van Yisra'el gesê: 'Gaan, elkeen na sy stad.'"
- 9 1 Daar was 'n man van Binyamin met die naam van Kish, die seun van Avi'el, die seun van Tz'ror, die seun van B'khorat, die seun van Afiag, 'n Binyaminiet, 'n magtige man van dapperheid.
- 2 Hy het 'n seun gehad met die naam van Sha'ul, 'n keur jongman en aantreklik, daar was onder die seuns van Yisra'el geeneen meer aantreklik as hy nie; van sy skouers af op was hy langer as enige van die mense.
- 3 Die donkies van Kish, die vader van Sha'ul, was weg. Kish het vir Sha'ul gesê: "Wat nou een van die diensknegte saam met jou en staan op, gaan soek na die donkies."
- 4 Hy het deur die bergland van Efrayim en deur die land van Shalishah gegaan, maar hulle nie gekry nie. Toe gaan hulle deur die land Sha'alim, maar daar was niks nie. Toe gaan hy deur die land van Binyamin, maar hulle het niks gekry nie.
- 5 Toe hulle by die land van Tzuf kom, sê Sha'ul aan die dienskneg wat by hom was: "Kom, laat ons teruggaan, anders hou my vader op bekommerd wees oor die donkies en word angstig oor ons."
- 6 Hy sê vir hom: "Let nou op, daar is 'n man van God in hierdie stad en die man word geëer; alles wat hy sê kom sekerlik waar. Laat ons nou daarheen gaan, miskien kan hy ons vertel aangaande die reis wat ons onderneem het."
- 7 Toe vra Sha'ul vir sy dienskneg: "As ons egter gaan, let op, wat sal ons vir die man bring, want die brood in ons sakke is op en daar is nie 'n geskenk om vir die man van God te bring nie; wat het ons?"
- 8 Die dienskneg het Sha'ul weer geantwoord en gesê: "Let op, ek het nog 'n kwart van 'n sikkil silwer by my; ek sal dit vir die man van God gee en hy sal ons oor ons pad inlig."
- 9 Vroeër, as 'n man in Yisra'el gegaan het om God te raadpleeg, het hy gesê: "Kom, laat ons na die siener gaan," want hy wat nou 'n profeet genoem word, is vroeër 'n siener genoem.
- 10 Toe sê Sha'ul vir sy dienskneg: "Goed gesê, laat ons gaan." Hulle gaan na die stad toe waar die man van God is.
- 11 Terwyl hulle die opdraande na die stad opgaan, kom hulle meisies teë wat uitgaan om water te trek en vra vir hulle: "Is die siener hier?"

- 12 Hulle antwoord hul en sê: “Hy is, kyk, voor jou. Maak nou gou, want hy het vandag in die stad gekom, want die mense het vandag ’n offer op die hoë plek gebring.
- 13 Sodra julle die stad ingaan, sal julle hom vind net voordat hy opgaan na die hoë plek om te eet, want die mense eet nie voordat hy kom nie omdat hy die offer moet seën; daarna eet die genooïdes. Gaan daarom nou op, want julle sal hom nou vind.”
- 14 Hulle het opgegaan na die stad toe. Toe hulle in die stad ingaan, let op, het Sh'mu'el uitgekom na hulle toe om op te gaan na die hoë plek toe.
- 15 ’n Dag voor Sha’ul se koms het יהוה aan Sh'mu'el geopenbaar en gesê:
- 16 “Ongeveer hierdie tyd môre sal Ek ’n man uit die land van Binyamin na jou toe stuur en jy moet hom self as ’n heerser oor My volk Yisra’el en hy sal My volk bevry uit die hand van die F’lishtyne, want Ek het My volk in ag geneem omdat hulle geroep na My gekom het.
- 17 Toe Sh'mu'el vir Sha’ul sien, het יהוה vir hom gesê: “Let op, die man van wie Ek met jou gepraat het! Hierdie een sal heers oor My mense.”
- 18 Toe het Sha’ul nadergekom na Sh'mu'el in die poort en gevra: “Wys my asseblief waar die huis van die siener is?”
- 19 Sh'mu'el het Sha’ul geantwoord en gesê: “Ek is die siener! Gaan op voor my uit na die hoë plek, want julle sal vandag saam met my eet en ek sal jou in die oggend vroeg laat gaan en alles wat in jou gedagtes is, sal ek vir jou vertel.
- 20 Wat die donkies betref wat drie dae gelede weg is, moenie aan hulle dink nie, want hulle is gevind en vir wie is alles wat begeerlik is in Yisra’el? Is dit nie vir jou en jou vader se hele huishouding nie?”
- 21 Sha’ul antwoord: “Is ek nie ’n Binyaminiet, uit die kleinste van die stamme van Yisra’el en my familie die geringste uit al die families van die stam van Binyamin nie? Waarom praat u dan so met my?”
- 22 Toe vat Sh'mu'el vir Sha’ul en sy dienskneg en vat hulle in die saal in en gee vir hulle ’n plek aan die hoof van die genooïdes, wat omtrent dertig man was.
- 23 Sh'mu'el het vir die kok gesê: “Gee die gedeelte wat ek vir jou gegee het, waarvan ek vir jou gesê het: ‘Sit dit eenkant’.”
- 24 Toe het die kok die boud, met wat daarop was, opgetel en dit voor Sha’ul neergesit. Sh'mu'el het gesê: “Hier is wat opsy gesit is, voor jóu neergesit! Eet, want dit is vir jou bewaar tot die bestemde tyd vandat ek gesê het dat ek die mense uitnooi.” So het Sha’ul dan dié dag saam met Sh'mu'el geëet.
- 25 Toe hulle vanaf die hoë plek afkom in die stad in, praat hy met Sha’ul op die dak.
- 26 Hulle het vroeg opgestaan en teen dagbreek het Sh'mu'el na Sha’ul op die dak geroep en gesê: “Staan op sodat ek jou kan wegstuur.” Sha’ul het opgestaan en beide hy en Sh'mu'el het uitgegaan in die straat in.
- 27 Soos hulle afgaan na die kant van die stad, sê Sh'mu'el vir Sha’ul: “Sê vir die dienskneg dat hy voor ons uit moet gaan en aangaan, maar staan jy nou eers stil dat ek die boodskap van God aan jou kan verkondig.”

- 10** 1 Toe het Sh'mu'el die kruik met olie gevat, dit op sy kop uitgegooi, hom gesoen en gesê: "Het יהוה jou nie gesalf as heerser oor Sy erfenis nie?"
- 2 Wanneer jy vandag van my af weggaan, sal jy twee manne naby die graf van Ragel, in die gebied van Binyamin by Tzeltzah, vind, wat vir jou sal sê: 'Die donkies wat jy gaan soek het, is gevind. Nou, let op, jou vader het opgehou bekommer oor die donkies en is besorg oor jou en vra: "Wat sal ek doen aangaande my seun?"'
- 3 Dan sal jy van daar af verder gaan en kom by die Eikeboom van Tavor en daar sal drie manne jou kry wat na God, by Beit-El, opgaan: een dra drie bökkies, die ander een dra drie brode en die ander dra 'n sak wyn.
- 4 Hulle sal jou groet en vir jou twee brode gee, wat jy uit hulle hand sal aanvaar.
- 5 Daarna sal jy kom by Giv'ah van God, waar die garnisoen van die F'lishtyne is en dit sal wees sodra jy daar by die stad kom dat jy 'n groep profete sal ontmoet wat van die hoë plek af kom met harp, tamboeryn, fluit en lier voor hulle uit terwyl hulle profeteer.
- 6 Dan sal die Gees van יהוה kragtig op jou kom en jy sal saam met hulle profeteer en in 'n ander mens verander word.
- 7 Dit sal wees dat, as hierdie tekens na jou toe kom, doen dan wat die geleentheid vereis, want God is met jou.
- 8 Jy moet voor my uit afgaan na Gilgal en let op, ek sal na jou toe afkom om brandoffers te offer en om vredesoffers te slag; sewe dae lank moet jy wag totdat ek by jou kom en jou wys wat jy moet doen."
- 9 Dit het gebeur dat, toe hy sy rug draai om van Sh'mu'el af weg te gaan, God sy verstand, wil en emosie verander het en al daardie tekens het op daardie dag gebeur.
- 10 Toe hulle by Giv'ah gekom het, let op, ontmoet 'n groep profete hom en die Gees van God het kragtig op hom gekom sodat hy tussen hulle geprofeteer het.
- 11 Dit het gebeur toe almal wat hom vroeër geken het, sien dat hy nou saam met die profete profeteer, die mense vir mekaar gesê het: "Wat het gebeur met die seun van Kish? Is Sha'ul ook onder die profete?"
- 12 'n Man vanaf dieselfde plek het gesê: "Maar wie is sy vader?" Daarom het dit 'n spreekwoord geword: "Is Sha'ul ook onder die profete?"
- 13 Toe hy klaar geprofeteer het, het hy by die hoë plek aangekom.
- 14 Sha'ul se oom het vir hom en sy dienskneg gevra: "Waarheen het julle gegaan?" Hy sê: "Om na die donkies te soek en toe ons sien dat hulle nie te vinde was nie, het ons na Sh'mu'el gegaan."
- 15 Sha'ul se oom sê: "Vertel my asseblief wat Sh'mu'el vir julle gesê het."
- 16 Sha'ul sê toe vir sy oom: "Hy het ons reguit vertel dat die donkies gevind is." Hy het hom egter nie van die saak van die koningskap, wat Sh'mu'el genoem het, vertel nie.
- 17 Daarna het Sh'mu'el die volk by יהוה in Mitzpah saamgeroep
- 18 en vir die seuns van Yisra'el gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Ek het Yisra'el uit Mitzrayim gebring en Ek het julle bevry uit die hand van die Mitzrayimiete en uit die krag van al die koninkryke wat julle onderdruk het,'

- 19 maar julle het julle God vandag verwerp, wat julle uit al jul onheile en benoudhede bevry het; tog het julle gesê: 'Nee, maar stel 'n koning oor ons aan. Nou, daarom, bied julleself aan voor die Teenwoordigheid van יהוה volgens julle stamme en volgens julle families.'
- 20 So het Sh'mu'el al die stamme van Yisra'el nader laat kom en die stam van Binyamin is deur die lot gekies.
- 21 Toe het hy die stam van Binyamin laat naderkom volgens sy families en die familie van Matri is gekies. Sha'ul, die seun van Kish, is gekies, maar toe hulle hom soek, kon hy nie gekry word nie;
- 22 daarom het hulle יהוה verder geraadpleeg: "Het die man al hierheen gekom?" יהוה sê: "Let op, hy het homself tussen die pakgoed weggesteek."
- 23 Hulle hardloop toe en het hom daarvandaan gebring en toe hy tussen die mense gaan staan het, was hy van sy skouers af boontoe langer as enige van die mense.
- 24 Sh'mu'el het aan al die mense gesê: "Sien julle hom wat יהוה gekies het? Daar is sekerlik nie een soos hy tussen al die mense nie." Al die mense het uitgeroep van vreugde en gesê: "Die koning lewe!"
- 25 Toe het Sh'mu'el die verordeninge van die koningskap ^{Deut 17:14-20} vir die mense aangekondig en dit in 'n boek geskryf en voor die Teenwoordigheid van יהוה neergesit. Sh'mu'el het al die mense, elkeen na sy huis, weggestuur.
- 26 Sha'ul het ook na sy huis toe gegaan in Giv'ah en die dapperes wie se verstand, wil en emosie deur God aangeraak is, het saam met hom gegaan.
- 27 Sekere waardelose manne het gesê: "Hoe kan hierdie een ons bevry?" Hulle het hom verag en vir hom geen geskenk gebring nie, maar hy het stilgebly.
- 11** 1 Nagash, die 'Ammoniet, het opgekom en Yavesh-Gil'ad beleër en al die manne van Yavesh het vir Nagash gesê: "Sluit 'n verbond met ons en ons sal u dien."
- 2 Nagash, die 'Ammoniet, het egter vir hulle gesê: "Op hierdie voorwaarde sal ek 'n verbond met julle sluit: dat ek almal van julle se regteroog uitsteek en dit so as 'n skande op die hele Yisra'el bring."
- 3 Die oudstes van Yavesh sê vir hom: "Laat ons sewe dae lank met rus dat ons boodskappers deur die hele gebied van Yisra'el kan stuur; dan, as daar niemand is wat ons bevry nie, sal ons na u toe uitkom."
- 4 Toe het die boodskappers in Giv'ah van Sha'ul gekom en hierdie boodskap voor die ore van die mense gesê. Al die mense het hulle stemme opgehef en gehuil.
- 5 Nou, let op, Sha'ul het agter die beeste aan van die veld af gekom en gesê: "Wat is dit met die mense dat hulle huil?" Hulle dra toe die boodskap van die manne van Yavesh aan hom oor.
- 6 Toe hy dié woorde hoor, kom die Gees van God kragtig oor Sha'ul en hy het baie kwaad geword.
- 7 Hy het 'n juk beeste gevat, hulle in stukke gesny en met boodskappers deur die hele gebied van Yisra'el gestuur om te sê: "Wie ook al nie agter Sha'ul en agter Sh'mu'el aan kom nie; so sal met sy beeste gedoen word." Toe val die skrik van יהוה op die mense en hulle kom uit soos een man.

- 8 Hy het hulle in Bezek getel: die seuns van Yisra'el was drie honderd duisend en die manne van Y'udah dertig duisend.
- 9 Hulle het aan die boodskappers wat gekom het, gesê: "So moet julle vir die manne van Yavesh-Gil'ad sê: 'Môre, teen die tyd dat die son warm is, sal julle bevryding hê.'" Die boodskappers het gegaan en dit aan die manne van Yavesh vertel en hulle was verheug.
- 10 Toe sê die manne van Yavesh: "Môre sal ons na julle toe uitkom en julle kan met ons doen net wat julle goeddink."
- 11 Die volgende oggend het Sha'ul die manne in drie afdelings verdeel en hulle het tydens die oggendwag in die kamp ingekom en die 'Ammoniete verslaan tot op die warm tyd van die dag. Die wat oorleef het, is verstrooi sodat nie twee van hulle bymekaar oorgebly het nie.
- 12 Toe sê die manne vir Sh'mu'el: "Wie is hy wat gesê het: 'Sal Sha'ul oor ons regeer?' Bring die manne dat ons hulle kan doodmaak."
- 13 Sha'ul antwoord egter: "Op hierdie dag mag geen man gedood word nie, want vandag het יהוה 'n bevryding in Yisra'el uitgevoer."
- 14 Toe sê Sh'mu'el vir die mense: "Kom, laat ons na Gilgal gaan en die koningskap daar vernuwe."
- 15 Al die mense het na Gilgal gegaan en daar, in Gilgal, vir Sha'ul koning gemaak voor die Teenwoordigheid van יהוה. Daar het hulle ook vredesoffers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer en daar was Sha'ul en al die manne van Yisra'el grootliks verheug.
- 12** 1 Toe sê Sh'mu'el vir die hele Yisra'el: "Let op, ek het na julle stem geluister in alles wat julle vir my gesê het en 'n koning oor julle aangestel.
- 2 Nou, hier is die koning wat voor julle loop, maar ek is oud en grys en let op, my seuns is hier by julle en ek het voor julle geloop van my jeug af tot vandag toe.
- 3 Hier is ek; bring getuienis teen my voor יהוה en Sy gesalfde. Wie se bees het ek gevat, of wie se donkie het ek gevat, of vir wie het ek bedrieg? Wie het ek onderdruk of van wie se hand het ek omkoopgeld gevat om my oë daarmee toe te maak? Ek sal dit vir julle teruggee."
- 4 Hulle antwoord: "U het ons nie bedrieg of ons onderdruk, of enige iets uit iemand se hand gevat nie."
- 5 Hy sê vir hulle: "יהוה is getuie teen julle en Sy gesalfde is vandag getuie dat julle niks in my hand gekry het nie." Hulle antwoord: "Hy is getuie."
- 6 Toe het Sh'mu'el aan die mense gesê: "Dit is יהוה wat Mosheh en Aharon aangestel en julle vaders uit die land van Mitzrayim gebring het.
- 7 Nou, staan jou man dat ek saam met julle voor die Teenwoordigheid van יהוה pleit aangaande al die regverdige dade van יהוה wat Hy vir julle en julle vaders gedoen het.
- 8 Toe Ya'akov in Mitzrayim ingegaan het en julle vaders uitgeroep het tot יהוה, het יהוה vir Mosheh en Aharon gestuur, wat julle vaders uit Mitzrayim uitgebring en hulle op hierdie plek gevestig het.

- 9 Hulle het יהוה, hul God, egter vergeet. Hy het hulle verkoop in die hand van Sisra, bevelvoerder van die leër van Hatzor en in die hand van die F'lishtyne en in die hand van die koning van Mo'av en hulle het teen hul geveg.
- 10 Hulle het uitgeroep tot יהוה en gesê: 'Ons het gesondig, want ons het יהוה verlaat en die Ba'als en 'Ashtarot gedien, maar bevry ons nou uit die hand van ons vyande en ons sal U dien.'
- 11 Toe het יהוה vir Yeruba'al, B'dan, Yiftag en Shimshon gestuur en julle uit die hand van jul vyande reg rondom bevry sodat julle veilig gebly het. Rig 4:6; 6:14; 10:3; 11:1; 11:15
- 12 Toe julle sien dat Nagash, die koning van die seuns van 'Ammon, teen julle aankom, het julle vir my gesê: 'Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer' terwyl יהוה, julle God, jul Koning was;
- 13 daarom, hier is nou die koning wat julle gekies het, waarvoor julle gevra het en let op, יהוה het 'n koning oor julle aangestel.
- 14 As julle יהוה respektvol sal vrees, Hom dien, na Sy stem luister en nie rebelleer teen die bevel van יהוה nie, dan sal beide julle, sowel as die koning wat oor julle regeer, יהוה, julle God, aanhou volg!
- 15 As julle nie na die stem van יהוה sal luister nie, maar rebelleer teen die bevel van יהוה, dan sal die hand van יהוה teen julle wees, soos teen julle vaders.
- 16 Selfs nou, staan en kyk na hierdie groot ding wat יהוה voor julle oë sal doen.
- 17 Is dit nie vandag oestyd vir die koring nie? Ek sal יהוה aanroep dat Hy donderslae en reën gee, dan sal julle weet en sien dat julle boosheid groot is wat julle in die oë van יהוה gedoen het deur 'n koning vir julleself te vra."
- 18 Sh'mu'el het uitgeroep na יהוה en יהוה het donderslae en reën op dié dag gegee en al die mense was baie bang vir יהוה en vir Sh'mu'el.
- 19 Toe het al die mense vir Sh'mu'el gesê: "Bid tot יהוה, u God, vir u diensknegte sodat ons nie sterf nie omdat ons by al ons sondes nog boosheid bygevoeg het deur 'n koning vir onself te vra."
- 20 Sh'mu'el het vir die mense gesê: "Moenie bang wees nie. Julle het al hierdie boosheid gedoen, maar tog moet julle nie van יהוה af wegdraai nie, maar dien יהוה met julle hele verstand, wil en emosie.
- 21 Julle mag nie afdraai nie, want dan gaan julle agter waardelose dinge aan wat nie voordelig is of bevry nie omdat hulle nutteloos is,
- 22 want יהוה sal Sy mense, ter wille van Sy groot Naam, nie in die steek laat nie omdat dit יהוה behaag het om van julle vir Hom 'n volk te maak. Ps 94:14; Rom 11:2
- 23 Meer nog, wat my betref, dit is ver van my dat ek teen יהוה sal sondig deur op te hou om vir julle te bid, maar ek sal julle in die goeie en regte pad leer.
- 24 Vrees יהוה alleen en dien Hom in waarheid met julle hele verstand, wil en emosie, want dink aan watter groot dinge Hy vir julle gedoen het,
- 25 maar as julle steeds boosheid doen, sal beide julle en julle koning weggevee word."

- 13** 1 Toe Sha'ul aan die begin van twee jaar in sy koninkryk oor Yisra'el geheers het,
- 2 het Sha'ul vir hom drie duisend man uit Yisra'el gekies, waarvan twee duisend by Sha'ul in Mikhmas en op die bergland van Beit-El was terwyl 'n duisend by Y'honatan in Giv'ah-Binyamin was, maar hy het die res van die mense weggestuur, elkeen na sy tent.
- 3 Y'honatan het die garnisoen van die F'lishtyne, wat in Geva was, verslaan en die F'lishtyne het daarvan gehoor. Toe het Sha'ul die ramshoring reg deur die land geblaas en gesê: "Laat die Hebreërs dit hoor!"
- 4 Die hele Yisra'el het die nuus gehoor dat Sha'ul die garnisoen van die F'lishtyne verslaan het en ook dat Yisra'el haatlik geword het vir die F'lishtyne. Die manne is toe opgeroep na Sha'ul by Gilgal.
- 5 Die F'lishtyne het bymekaargekom om teen Yisra'el te veg; drie duisend strydwaens en ses duisend perderuiters en manne in menigte soos die sand wat op die seestrand is en hulle het opgekom en kamp opgeslaan by Mikhmas, oos van Beit-Aven.
- 6 Toe die manne van Yisra'el sien dat hulle in die nood is, want die volk was in benoudheid, het die mense weggekruipt in grotte, doringbosse, in kranse, in kelders en in kuile.
- 7 Sommige van die Hebreërs het ook oor die Yarden gegaan na die land van Gad en Gil'ad, maar Sha'ul was steeds in Gilgal en al die manne wat hom bewend gevolg het.
- 8 Hy het sewe dae lank gewag, volgens die vasgestelde tyd wat Sh'mu'el bepaal het, maar Sh'mu'el het nie na Gilgal gekom nie en die manne het van hom af verstrooid geraak.
- 9 Sha'ul het gesê: "Bring die brandoffer en die vredesoffers na my toe." Hy het die brandoffer geoffer.
- 10 Net toe hy die brandoffer klaar geoffer het, let op, het Sh'mu'el gekom en Sha'ul het uitgegaan om hom te ontmoet en hom te groet.
- 11 Sh'mu'el sê egter: "Wat het jy gedoen?" Sha'ul sê: "Omdat ek gesien het dat die manne van my af verstrooid raak en dat u nie kom in die vasgestelde dae nie en dat die F'lishtyne in Mikhmas bymekaarkom,
- 12 het ek daarom gesê: 'Nou sal die F'lishtyne afkom teen my in Gilgal en ek het nie die guns van יהוה gevra nie.' Ek het myself geforseer en die brandoffer gebring."
- 13 Sh'mu'el sê vir Sha'ul: "Jy het dwaas opgetree; jy het nie die opdrag van יהוה, jou God, wat Hy jou beveel het, gehou nie, want nou sou יהוה jou koningskap oor Yisra'el vir altyd bevestig het,
- 14 maar nou sal jou koningskap nie voortbestaan nie. יהוה het vir Hom 'n man volgens Sy eie verstand, wil en emosie uitgesoek en יהוה het hom as heerser oor sy mense aangestel omdat jy nie gehou het wat יהוה jou beveel het nie."
- 15 Toe het Sh'mu'el opgestaan en opgegaan van Gilgal na Givah-Binyamin en Sha'ul het die manne wat by hom was getel, omtrent ses honderd man.
- 16 Sha'ul, sy seun Y'honatan en die manne wat by hulle aanwesig was, het in Geva in Binyamin gebly terwyl die F'lishtyne by Mikhmas gekamp het

- 17 en die roofkommandos het vanaf die kamp van die F'lishtyne gekom in drie afdelings: een afdeling het weggedraai in die rigting van 'Ofrah, na die land van Shu'al toe
- 18 en 'n ander afdeling het weggedraai in die rigting van Beit-Horon en 'n ander afdeling het weggedraai in die rigting van die grens wat oor die vallei van Tzvo'im na die woestyn uitkyk.
- 19 Geen smid was te vinde in die hele land van Yisra'el nie, want die F'lishtyne het gesê: "Anders sal die Hebreërs swaarde of spiese maak."
- 20 Al die Yisra'eliete moes daarom na die F'lishtyne afgaan om elkeen sy ploegskaar, sy pik, sy byl of sy skoffel skerp te maak.
- 21 Die prys was twee-derdes van 'n sikkil vir die ploegskare, die pikke, die vurke, die byle en om die skoffels reg te maak.
- 22 So het dit gekom op die dag van die geveg dat daar geen swaard of spies te vinde was in die hande van enige van die manne wat by Sha'ul en Y'honatan was nie, maar wel by Sha'ul en sy seun Y'honatan.
- 23 Die garnisoen van die F'lishtyne het uitgegaan na die pas van Mikhmas.
- 14** 1 Die dag het gekom dat Y'honatan, die seun van Sha'ul, vir die jongman wat sy wapens dra, gesê het: "Kom, ons gaan oor na die F'lishtyne se garnisoen wat aan die oorkant is," maar hy het nie sy vader vertel nie.
- 2 Sha'ul het in die buitewyke van Giv'ah gebly onder die granaatboom wat by Migron staan en die mense by hom was omtrent ses honderd man.
- 3 Agiyah, die seun van Agituv, die broer van I-Khavod, die seun van Pin'gas, die seun van 'Eli, die priester van יהוה in Shiloh, het 'n skouerkleed gedra en die manne het nie geweet dat Y'honatan gegaan het nie.
- 4 Tussen die passe waardeur Y'honatan wou oorgaan na die garnisoen van die F'lishtyne, was daar 'n steil krans aan die een kant en 'n steil krans aan die ander kant en die naam van die een was Botzetz en die naam van die ander Seneh.
- 5 Die een krans rys op aan die noordekant oorkant Mikhmas en die ander een aan die suide, oorkant Geva.
- 6 Toe sê Y'honatan vir die jongman wat sy wapens dra: "Kom, laat ons oorgaan na die garnisoen van daardie onbesnedenes; miskien sal יהוה vir ons werk, want יהוה is nie beperk om deur baie of deur min te red nie."
- 7 Sy wapendraer sê vir hom: "Doen alles wat in u begeerte is, draai uself en hier is ek by u, volgens u begeerte."
- 8 Toe sê Y'honatan: "Let op, ons sal na die manne toe oorgaan en ons vir hulle wys.
- 9 As hulle vir ons sê: 'Wag totdat ons by julle kom,' dan moet ons op ons plek bly staan en nie na hulle opklim nie,
- 10 maar as hulle sê: 'Kom op na ons toe,' dan sal ons opklim, want יהוה het hulle in ons hand gegee en dit sal vir ons die teken wees."
- 11 Toe beide van hulle hulself wys vir die garnisoen van die F'lishtyne, sê die F'lishtyne: "Let op, Hebreërs kom uit die gate uit waar hulle hulself weggesteek het."

- 12 Die manne van die garnisoen het Y'honatan en sy wapendraer geroep en gesê: "Kom op na ons toe, dan sal ons julle iets vertel!" Y'honatan sê vir sy wapendraer: "Kom op agter my, want יהיה het hulle in die hand van Yisra'el gegee."
- 13 Toe klim Y'honatan boontoe op sy hande en voete en sy wapendraer agter hom en hulle het voor Y'honatan geval en sy wapendraer het sommige doodgemaak agter hom.
- 14 Daardie eerste slagting deur Y'honatan en sy wapendraer, was ongeveer twintig man; hulle het hul opgesny soos klipsnyers en soos manne wat 'n land ploeg.
- 15 Toe kom daar 'n bewing in die kamp, in die veld en onder al die manne. Selfs die garnisoen en die roofkommando het gebewe en die aarde het gebewe sodat dit 'n groot bewing geword het.
- 16 Sha'ul se wagt in Giv'ah-Binyamin het gekyk en let op, die menigte smelt weg en hulle gaan heen en weer.
- 17 Sha'ul sê vir die manne wat by hom was: "Tel nou en kyk wie van ons af weggegaan het." Toe hulle getel het, let op, was Y'honatan en sy wapendraer nie daar nie.
- 18 Toe sê Sha'ul vir Agiyah: "Bring die ark van God hier." Die ark van God was in dié tyd by die seuns van Yisra'el.
- 19 Terwyl Sha'ul met die priester gepraat het, het die verwarring in die kamp van die F'lishtyne aangehou en groter geword. Sha'ul sê vir die priester: "Trek jou hand terug!"
- 20 Toe het Sha'ul en al die manne wat by hom was, bymekaargekom en hulle het by die geveg aangekom en let op, elkeen se swaard was teen die ander en daar was 'n baie groot verwarring.
- 21 Die Hebreërs wat vroeër saam met die F'lishtyne was, wat oral saam met hulle in die kamp gegaan het, selfs hulle het ook omgedraai om saam met die Yisra'eliete wat saam met Sha'ul en Y'honatan was, te wees.
- 22 Toe al die manne van Yisra'el, wat hulself in die bergland van Efrayim weggesteek het, hoor dat die F'lishtyne gevlug het, het selfs ook hulle hul in die geveg agternagesit.
- 23 So het יהיה Yisra'el op dié dag bevry en die geveg het verby Beit-Aven versprei.
- 24 Die manne van Yisra'el is hard gedryf op daardie dag, want Sha'ul het die manne onder eed geplaas en gesê: "Vervloek is die man wat iets eet voor die aand en totdat ek myself op my vyande gewreek het." Nie een van die manne het aan iets geproe nie.
- 25 Almal van die land het die bos ingegaan en daar was heuning op die grond.
- 26 Toe die manne in die bos ingaan, let op, was daar 'n oorvloed van heuning, maar niemand het sy hand aan sy mond gesit nie omdat die manne bang was vir die eed.
- 27 Y'honatan het egter nie gehoor toe sy vader die manne onder eed geplaas het nie; daarom het hy die punt van die staf wat in sy hand was, uitgesteek en dit in 'n heuningkoek gedoop en sy hand aan sy mond gesit en sy oë het verhelder.
- 28 Toe sê een van die manne: "Jou vader het die manne streng onder eed geplaas: 'Vervloek is die man wat vandag kos eet.' Die manne was uitgeput.

- 29 Toe sê Y'honatan: "My vader maak moeilikheid vir die land. Kyk nou hoe my oë opgehelder het omdat ek 'n bietjie van hierdie heuning geproe het.
- 30 Hoeveel te meer, as die manne net vandag vrylik kon eet van die buit van hul vyande wat hulle gevind het, want nou is die slagting onder die F'lishtyne nie groot nie."
- 31 Hulle het die F'lishtyne daardie dag van Mikhmas af tot by Ayalon neergeslaan en die manne was baie uitgeput.
- 32 Die manne het gretiglik op die buit afgestorm en kleinvee, beeste en kalwers gevat en dit op die grond geslag en die manne het dit met die bloed geëet. ^{Gen 9:4}
- 33 Toe vertel hulle Sha'ul en sê: "Let op, die manne sondig teen יהוה deur dit met die bloed te eet." ^{Lev 3:17} Hy het gesê: "Julle het vals opgetree; rol vandag 'n groot klip na my toe."
- 34 Sha'ul het gesê: "Versprei julle tussen die manne en sê vir hulle: 'Bring na my elkeen sy bees en sy kleinvee en slag dit hier en eet en moenie teen יהוה sondig deur met bloed te eet nie.'" Al die manne het elkeen daardie nag sy bees saam met hom gebring en dit daar geslag.
- 35 Sha'ul het vir יהוה 'n altaar gebou; dit was die eerste altaar wat hy vir יהוה gebou het.
- 36 Toe sê Sha'ul: "Laat ons afgaan in die nag agter die F'lishtyne aan en laat ons buit van hulle afvat tot die oggendlig en laat ons nie 'n man onder hulle laat oorbly nie. Hulle antwoord: "Doen wat ook al goed is in u oë." Die priester het gesê: "Laat ons hier tot God nader."
- 37 Sha'ul het God geraadpleeg: "Sal ek afgaan agter die F'lishtyne aan? Sal U hulle in Yisra'el se hand gee?" Hy het hom egter nie daardie dag geantwoord nie.
- 38 Sha'ul het gesê: "Kom nader hierheen, al die leiers van die volk en ondersoek en kyk hoe hierdie sonde vandag gebeur het,
- 39 want soos יהוה leef wat Yisra'el verlos, al was dit ook in my seun Y'honatan, dan moet hy sekerlik sterf!" Niemand uit al die manskappe het hom egter geantwoord nie.
- 40 Toe sê hy vir die hele Yisra'el: "Julle sal aan die een kant wees en ek en my seun Y'honatan sal aan die anderkant wees." Die manne antwoord Sha'ul: "Doen wat vir u goed lyk."
- 41 Sha'ul het daarom vir יהוה, God van Yisra'el, gesê: "Gee 'n volmaakte keuse!" Y'honatan en Sha'ul is aangewys, maar die manne het vry gekom.
- 42 Sha'ul het gesê: "Werp die lot tussen my en my seun Y'honatan." Y'honatan is aangewys.
- 43 Toe vra Sha'ul vir Y'honatan: "Vertel my wat jy gedoen het." Y'honatan het hom vertel en gesê: "Ek het inderdaad 'n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was. Hier is ek, ek moet sterf."
- 44 Sha'ul het gesê: "Mag God dit aan my doen en ook meer, want jy moet sekerlik sterf, Y'honatan!"

- 45 Die manne het egter vir Sha'ul gesê: “Moet Y'honatan sterf; wat hierdie groot bevryding in Yisra'el bewerk het? 'n Verwerplike gedagte! Soos יְהוָה leef, nie een haar van sy kop sal op die grond val nie, want hy het met God gewerk hierdie dag.” So het die volk Y'honatan bevry en hy het nie gesterf nie.
- 46 Toe het Sha'ul opgehou om die F'lishtyne te agtervolg en die F'lishtyne het na hulle eie plek gegaan.
- 47 Sha'ul het die koningskap oor Yisra'el gevat en het oorlog gevoer teen al sy vyande aan elke kant: teen Mo'av, die kinders van 'Ammon, Edom, die konings van Tzovah en die F'lishtyne en waarheen hy ook al gedraai het, het hy straf uitgedeel.
- 48 Hy het dapper opgetree en die 'Amalekiete verslaan en Yisra'el bevry uit die hande van die wat hulle geplunder het.
- 49 Die seuns van Sha'ul was Y'honatan, Yishvi en Malkishua en die name van sy twee dogters: die naam van die oudste dogter was Merav en die naam van die jongste Mikhal.
- 50 Die naam van Sha'ul se vrou was Agino'am, die dogter van Agima'atz en die naam van die bevelvoerder van sy leër was Avner, die seun van Ner, die oom van Sha'ul.
- 51 Kish, die vader van Sha'ul en Ner, die vader van Avner, was die seuns van Avi'el.
- 52 Die oorlog teen die F'lishtyne was hewig al die dae van Sha'ul en wanneer Sha'ul enige kragtige of dapper man sien, het hy hom opgeneem by syne.
- 15** 1 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: “יְהוָה het my gestuur om jou as koning te self oor sy volk, oor Yisra'el; luister en doen daarom nou die woorde van יְהוָה”.
- 2 So sê יְהוָה-Tzva'ot: ‘Ek sal 'Amalek straf vir wat hy aan Yisra'el gedoen het, hoe hy homself teen hom gestel het op die pad ^{Eks 17:8; Num 24:20; Deut 25:17-19; 1 Kron 4:43} terwyl hy uit Mitzrayim uit gekom het.
- 3 Gaan nou en verslaan 'Amalek en vernietig alles heeltemal wat hy het en moet hom nie spaar nie, maar maak dood beide man en vrou, kind en suigeling, bees en kleinvee, kameel en donkie.”
- 4 Toe het Sha'ul die manne bymekaargeroep en hulle getel in T'la'im: twee honderd duisend voetsoldate en tien duisend man van Y'hudah.
- 5 Sha'ul het by die stad van 'Amalek gekom en 'n hinderlaag in die vallei opgestel.
- 6 Sha'ul het vir die Keiniete gesê: “Gaan weg, vertrek, gaan uit onder die 'Amalekiete uit sodat ek julle nie saam met hulle vernietig nie, want julle het goedgunstigheid gewys aan al die seuns van Yisra'el toe hulle vanuit Mitzrayim op gekom het.” Die Keiniete het van onder die 'Amalekiete uit weggetrek. ^{Rig 1:16}
- 7 Sha'ul het die 'Amalekiete vanaf Havilah, op pad na Shur, wat oos is van Mitzrayim, verslaan.
- 8 Hy het Agag, die koning van 'Amalek, lewendig gevang en al die mense deur die skerpte van die swaard vernietig.
- 9 Sha'ul en die manne het egter vir Agag, die beste van die kleinvee en beeste, die vetgemaaktes, die lammers en alles wat goed was, gespaar en was nie gewillig om hulle volledig te vernietig nie, maar alles wat veragtelik en waardeloos was, dit het hulle volledig vernietig.

- 10 Toe het die woord van יהוה tot Sh'mu'el gekom en gesê:
- 11 “Ek sug omdat Ek Sha'ul koning gemaak het, want hy het weggedraai daarvan om My te volg en het nie My opdragte uitgevoer nie.” Sh'mu'el was ontsteld en het die hele nag deur na יהוה uitgeroep.
- 12 Sh'mu'el het vroeg die oggend opgestaan om Sha'ul te ontmoet en dit is vir Sh'mu'el vertel en gesê: “Sha'ul het na Karmel gekom en let op, hy het vir homself 'n gedenkteken opgerig en toe gedraai en aangegaan af na Gilgal.”
- 13 Sh'mu'el het by Sha'ul gekom en Sha'ul sê vir hom: “Geseënd is u deur יהוה! Ek het die opdrag van יהוה uitgevoer.”
- 14 Sh'mu'el sê egter: “Wat is dan hierdie geblêr van kleinvee in my ore en 'n gebulk van beeste wat ek hoor?”
- 15 Sha'ul sê: “Hulle het dit van die 'Amalekiete af gebring, want die manne het die beste kleinvee en beeste gespaar om aan יהוה, u God, te offer, maar die res het ons volledig vernietig.”
- 16 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: “Wag en laat ek jou vertel wat יהוה laasnag vir my gesê het.” Hy sê vir hom: “Praat!”
- 17 Sh'mu'el sê: “Is dit nie waar nie, alhoewel jy klein was in jou eie oë, is jy die hoof van die stamme van Yisra'el? יהוה het jou as koning oor Yisra'el gesalf
- 18 en יהוה het jou op 'n missie gestuur en gesê: ‘Gaan en vernietig die sondaars, die 'Amalekiete, volkome en veg teen hulle totdat hulle uitgewis is.’
- 19 Waarom het jy nie die stem van יהוה gehoorsaam nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?”
- 20 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: “Ek het die stem van יהוה gehoorsaam en op die missie gegaan waarop יהוה my gestuur het en Agag, die koning van 'Amalek, teruggebring en die 'Amalekiete volledig vernietig,
- 21 maar die manne het sommige van die buit, kleinvee en beeste, die beste van die goed toegewy tot vernietiging, gevat om aan יהוה, u God, in Gilgal te offer.”
- 22 Sh'mu'el het gesê: “Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme, ^{Hos 6:6; Ps 40:7; Ps 51:18-21; Spr 21:3; Yir 15:22; Mat 9:13; Mat 12:7}
- 23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en arrogansie is soos boosheid en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”
- 24 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: “Ek het gesondig; ek het waarlik die bevel van יהוה en u woorde oortree, want ek was bang vir die manne en het na hulle stem geluister;
- 25 daarom, asseblief spreek my sonde vry en keer terug saam met my dat ek יהוה kan aanbid.”
- 26 Sh'mu'el sê egter vir Sha'ul: “Ek sal nie saam met jou teruggaan nie omdat jy die woord van יהוה verwerp het en יהוה jou as koning oor Yisra'el verwerp het.”
- 27 Terwyl Sh'mu'el omdraai om te gaan, gryp Sha'ul die rand van sy kleed en dit het geskeur.
- 28 Sh'mu'el sê vir hom: “Vandag het יהוה die koningskap oor Yisra'el van jou afgeskeur en dit aan jou naaste, wat beter as jy is, gegee.
- 29 Die Eer, Lof en Aanbidding van Yisra'el sal ook nie lieg of Sy gedagtes verander nie, want Hy is nie 'n mens dat Hy Sy gedagtes sal verander nie.”

- 30 Toe sê hy: "Ek het gesondig; eer my tog nou voor die oudstes van my mense en voor Yisra'el en gaan terug saam met my dat ek יהוה, u God, kan aanbid."
- 31 Sh'mu'el het teruggegaan agter Sha'ul aan en Sha'ul het יהוה aanbid.
- 32 Toe sê Sh'mu'el: "Bring Agag, die koning van 'Amalek, na my toe." Agag het opgeruimd na hom toe gekom. Agag het gesê: "Sekerlik is die bitterheid van die dood verby."
- 33 Sh'mu'el het egter gesê: "Soos jou swaard vroue kinderloos gemaak het, so sal jou moeder kinderloos wees onder die vroue." Sh'mu'el het Agag in stukke gekap voor die Teenwoordigheid van יהוה in Gilgal.
- 34 Toe gaan Sh'mu'el na Ramah, maar Sha'ul het opgegaan na sy huis by Giv'ah van Sha'ul.
- 35 Sh'mu'el het Sha'ul tot die dag van sy dood nie weer gesien nie en Sh'mu'el het getreur oor Sha'ul en יהוה het gesug omdat Hy Sha'ul koning oor Yisra'el gemaak het.
- 16** יהוה sê vir Sh'mu'el: "Hoe lank sal jy treur oor Sha'ul, aangesien Ek hom as koning oor Yisra'el verwerp het? Vul jou horing met olie en gaan; Ek stuur jou na Yishai, van Beit-Legem, want Ek het vanuit sy seuns vir My 'n koning gekies."
- 2 Sh'mu'el vra egter: "Hoe kan ek gaan? Wanneer Sha'ul dit hoor, sal hy my doodmaak." יהוה sê: "Vat 'n verskalf saam met jou en sê: 'Ek het gekom om aan יהוה te offer.'"
- 3 Jy moet Yishai na die offers toe nooi en Ek sal jou wys wat jy moet doen en jy moet die een vir My salf wat Ek vir jou sal aanwys."
- 4 Sh'mu'el het gedoen wat יהוה gesê het en by Beit-Legem gekom. Die oudstes van die stad het hom bewend tegemoetgegaan en gevra: "Kom u in vrede?"
- 5 Hy sê: "In vrede! Ek het gekom om aan יהוה te offer. Sonder julle af en kom saam met my na die offers." Hy het ook vir Yishai en sy seuns afgesonder en hulle na die offers genooi.
- 6 Toe hulle inkom, kyk hy na Eli'av en dink: "Sekerlik is יהוה se gesalfde voor Hom!"
- 7 יהוה sê egter vir Sh'mu'el: "Moenie na sy voorkoms of sy lang gestalte kyk nie, want Ek het hom verwerp, want God kyk nie soos wat die mens sien nie, want die mens kyk na die uiterlike voorkoms, maar יהוה kyk na die verstand, wil en emosie."
- 8 Toe roep Yishai vir Avinadav en laat hom voor Sh'mu'el verbygaan en hy sê: "יהוה het hierdie een ook nie gekies nie."
- 9 Volgende laat Yishai vir Shammah verbygaan en hy sê: "יהוה het ook nie hierdie een gekies nie."
- 10 So het Yishai sewe van sy seuns voor Sh'mu'el laat verbygaan, maar Sh'mu'el het vir Yishai gesê: "יהוה het hierdie nie gekies nie."
- 11 Sh'mu'el het aan Yishai gevra: "Is hierdie al die seuns?" Hy antwoord: "Die kleinste bly nog oor en let op, hy pas die skape op." Toe sê Sh'mu'el vir Yishai: "Stuur en bring hom, want ons sal nie sit voordat hy hier kom nie."
- 12 Hy het gestuur en hom laat inkom. Nou, hy was rooierig, met mooi oë en 'n aantreklike voorkoms en יהוה sê: "Staan op, salf hom, want dit is hy."

- 13 Toe vat Sh'mu'el die horing met olie en self hom tussen sy broers en die Gees van יהוה het van dié dag af aan kragtig oor Dawid gekom. Sh'mu'el het opgestaan en na Ramah gegaan.
- 14 Die Gees van יהוה het weggegaan van Sha'ul af en 'n bose gees vanaf die Teenwoordigheid van יהוה het hom geterroriseer.
- 15 Sha'ul se diensknegte sê toe vir hom: "Let nou op, 'n bose gees vanaf die Teenwoordigheid van יהוה terroriseer u.
- 16 Laat ons meester nou u diensknegte wat voor u staan beveel en laat hulle 'n man soek wat 'n bekwame speler op die harp is en dit sal gebeur as die bose gees vanaf voor יהוה op u is, dat hy moet speel met sy hand en u sal beter wees."
- 17 Sha'ul sê toe vir sy diensknegte: "Voorsien nou vir my 'n man wat goed kan speel en bring hom na my toe."
- 18 Toe sê een van die diensknegte: "Let op, ek het 'n seun van Yishai, die Beit-Legemiet, gesien wat 'n bekwame musikant is, 'n magtige, dapper man, 'n krygsman, wys in spraak, 'n aantreklike man en יהוה is by hom."
- 19 Sha'ul het boodskappers na Yishai gestuur en gesê: "Stuur vir my jou seun Dawid wat by die skape is."
- 20 Yishai vat toe 'n donkie, brood, 'n kruik met wyn en 'n jong bok en stuur dit vir Sha'ul deur Dawid, sy seun.
- 21 Toe het Dawid by Sha'ul gekom en hom bedien en Sha'ul het hom baie liefgehad sodat hy sy wapendraer geword het.
- 22 Sha'ul het na Yishai gestuur en gesê: "Laat Dawid nou voor my staan, want hy het guns in my oë gevind."
- 23 So het dit gebeur dat wanneer die gees vanaf voor יהוה na Sha'ul toe kom, Dawid die harp vat en met sy hand speel en Sha'ul sal verfris word en beter wees en die bose gees sal van hom af weggaan.
- 17** 1 Die F'lishtyne het hulle leërs bymekaargebring vir oorlog en vergader by Sokhoh wat aan Y'udah behoort en kamp opgeslaan tussen Sokhoh en 'Azekah in Efes-Dammim.
- 2 Sha'ul en die manne van Yisra'el het bymekaargekom en gekamp in die vallei van Elah en in gevegsorde opgestel om teen die F'lishtyne te veg.
- 3 Die F'lishtyne het aan die een kant op die berg gestaan terwyl Yisra'el aan die ander kant op die berg gestaan het, met die vallei tussen hulle.
- 4 Toe kom daar 'n kampioen uit die leërs van die F'lishtyne, genaamd Golyat, vanaf Gat; sy lengte was ses el en 'n span (2,92 meter).
- 5 Daar was 'n koper helmet op sy kop en hy was geklee in 'n pantser van skubbe wat vyf duisend sikkels koper geweeg het,
- 6 met skeenplate van koper aan sy bene en 'n koper lans tussen sy skouers.
- 7 Die steel van sy spies was soos 'n wewersbalk en die lem van sy spies was ses honderd sikkels yster; sy skildraer het ook voor hom geloop.

- 8 Hy het gaan staan en geskree na die gevegsordes van Yisra'el en vir hulle gesê: “Hoekom kom julle uit om op te trek in gevegsdrag? Is ek nie die F'lishtyne en julle diensknegte van Sha'ul nie? Kies vir julleself 'n man en laat hom afkom na my toe.
- 9 As hy in staat is om teen my te veg en my dood te maak, dan sal ons julle slawe word, maar as ek hom oorwin en hom doodmaak, dan moet julle ons diensknegte word en ons dien.”
- 10 Weer sê die F'lishtyn: “Ek daag die gevegsordes van Yisra'el vandag uit! Gee vir my 'n man dat ons saam kan veg.”
- 11 Toe Sha'ul en die hele Yisra'el hierdie woorde van die F'lishtyn hoor, was hulle ontsteld en baie bang.
- 12 Dawid was die seun van dié Efratiet, uit Beit-Legem in Y'hudah, met die naam van Yishai; hy het agt seuns gehad. Yishai was oud in die dae van Sha'ul, ver gevorderd in jare onder mense.
- 13 Die drie oudste seuns van Yishai het Sha'ul in die oorlog gevolg en die name van sy drie seuns wat na die oorlog gegaan het, was Eli'av, die oudste en die tweede na hom, Avinadav en die derde, Shammah.
- 14 Dawid was die jongste. Die drie oudstes het Sha'ul gevolg,
- 15 maar Dawid het heen en weer gegaan van Sha'ul af om sy vader se kleinvee in Beit-Legem op te pas.
- 16 Die F'lishtyn het in die oggend en in die aand vorentoe gekom en gaan staan, veertig dae lank.
- 17 Toe het Yishai vir sy seun Dawid gesê: “Vat nou vir jou broers 'n efa van hierdie gebraaide graan en hierdie tien brode en hardloop na die kamp na jou broers toe.
- 18 Bring ook hierdie tien skywe kaas na die bevelvoerder oor duisend en kyk na die welstand van jou broers en bring nuus terug van hulle,
- 19 want Sha'ul, hulle en al die manne van Yisra'el is in die vallei van Elah, besig om te veg teen die F'lishtyne.
- 20 Dawid het vroeg die volgende oggend opgestaan en die trop by 'n wagter gelos, die goed gevat en gegaan soos Yishai hom beveel het. Hy het by die sirkel van die kamp gekom terwyl die leër uitgegaan het in gevegsorde en die oorlogskreet uitgeskreu het.
- 21 Yisra'el en die F'lishtyne het in gevegsordes opgetrek; leër teen leër.
- 22 Toe los Dawid sy pakgoed in die sorg van die oppasser en hardloop na die gevegsterrein om sy broers te groet.
- 23 Terwyl hy met hulle praat, let op, het die kampioen, die F'lishtyn vanaf Gat genaamd Golyat, opgekom uit die leër van die F'lishtyne en hy het hierdie selfde woorde gepraat en Dawid het dit gehoor.
- 24 Toe al die manne van Yisra'el die man sien, vlug hulle van hom af weg en was baie bang.
- 25 Die manne van Yisra'el het gesê: “Het julle hierdie man gesien wat opkom? Hy het sekerlik opgekom om Yisra'el uit te tart en dit sal wees dat die koning die man wat hom doodmaak sal verryk met groot rykdom en ook vir hom sy dogter gee en sy vader se huis in Yisra'el vry maak.

- 26 Toe praat Dawid met die manne wat by hom staan en sê: “Wat sal vir die man gedoen word wat hierdie F’lishtyn doodmaak en die smaad van Yisra’el af wegvat? Wie is hierdie onbesnede F’lishtyn dat hy die leërmagte van die lewende God uittart?”
- 27 Die manne antwoord hom volgens hierdie woorde en sê: “Só sal gedoen word vir die man wat hom doodmaak.”
- 28 Eli’av, sy oudste broer, het gehoor toe hy met die manne praat en Eli’av se woede het gebrand teen Dawid en hy het gesê: “Hoekom het jy afgekom en by wie het jy daardie paar skape in die wildernis gelos? Ek ken jou vermetelheid en die boosheid van jou hart, want jy het afgekom om die geveg te sien.”
- 29 Dawid sê egter: “Wat het ek nou gedoen? Was dit nie net ’n vraag nie?”
- 30 Toe draai hy van hom af weg na ’n ander en vra dieselfde ding en die manne het hom dieselfde geantwoord as vroeër.
- 31 Toe die woorde wat Dawid sê gehoor word, is dit aan Sha’ul vertel en hy het hom laat haal.
- 32 Dawid het vir Sha’ul gesê: “Laat geen man se binneste faal as gevolg van hom nie, u dienskneg sal gaan en teen hierdie F’lishtyn baklei.”
- 33 Toe antwoord Sha’ul vir Dawid: “Jy is nie in staat om teen hierdie F’lishtyn op te gaan om teen hom te veg nie, want jy is nog jonk terwyl hy ’n krygsman van sy jeug af is.”
- 34 Dawid sê egter vir Sha’ul: “U dienskneg het sy vader se kleinvee opgepas. Wanneer ’n leeu of ’n beer kom en ’n lam uit die trop uit wegvat,
- 35 dan gaan ek uit agter hom aan en val hom aan en red dit uit sy bek uit en as hy teen my opstaan, het ek hom aan sy baard gegryp, geslaan en hom doodgemaak.
- 36 U dienskneg het beide die leeu en die beer doodgemaak en hierdie onbesnede F’lishtyn sal soos een van hulle wees, aangesien hy die leer van die lewende God uitgetart het.”
- 37 Dawid het ook gesê: “יהודה wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my bevry uit die hand van hierdie F’lishtyn.” Sha’ul het vir Dawid gesê: “Gaan en mag יהודה by jou wees!”
- 38 Sha’ul het Dawid met sy klere aangetrek en ’n koper helmet op sy kop gesit en hom met pantser aangetrek.
- 39 Dawid het sy swaard bo-oor sy klere vasgegorde en probeer loop omdat hy dit nooit probeer het nie. Dawid het vir Sha’ul gesê: “Ek kan nie hiermee gaan nie, want ek het dit nooit probeer nie.” Dawid het hulle uitgetrek.
- 40 Hy het sy staf in sy hand gevat en vir hom vyf gladde klippe uit die spruit gekies en dit in sy herderssak gesteek wat hy gehad het, in die slingersak en sy slinger was in sy hand en hy het die F’lishtyn genader.
- 41 Toe het die F’lishtyn nadergekom na Dawid toe met die skildraer voor hom.
- 42 Toe die F’lishtyn kyk en vir Dawid, wat rooierig was met ’n aantreklike voorkoms, sien, het hy hom verag omdat hy nog jonk was.
- 43 Die F’lishtyn vra vir Dawid: “Is ek ’n hond dat jy na my toe kom met stokke?” Die F’lishtyn het Dawid vervloek by sy gode.
- 44 Die F’lishtyn sê ook vir Dawid: “Kom na my toe en ek sal jou vlees vir die voëls van die lug en die diere van die veld gee.”

- 45 Toe sê Dawid vir die F'lishtyn: "Jy kom na my toe met 'n swaard, 'n spies en 'n lans, maar ek kom na jou toe in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה - Tzva'ot, die God van die leërs van Yisra'el, wat jy uitgetart het.
- 46 Vandag sal יהוה jou in my hand oorlewer en ek sal jou neerslaan en jou kop van jou af verwyder en ek sal vandag die lyke van die leer van die F'lishtyne vir die voëls van die lug en die wilde diere van die aarde gee sodat die hele aarde kan weet dat daar 'n God in Yisra'el is
- 47 en dat hierdie hele menigte mag weet dat יהוה nie deur swaard en spies bevry nie, want die geveg behoort aan יהוה en Hy sal julle in ons hand gee."
- 48 Dit het gebeur toe die F'lishtyn opstaan en naderkom om Dawid te ontmoet dat Dawid vinnig na die gevegslin hardloop om die F'lishtyn te ontmoet.
- 49 Dawid steek sy hand in sy sak en vat 'n klip daaruit en slinger dit en hy tref die F'lishtyn op sy voorkop en die klip sink in sy voorkop in dat hy op sy gesig teen die grond val.
- 50 So het Dawid oor die F'lishtyn die oorhand gekry met 'n slinger en 'n klip en hy het die F'lishtyn getref en hom doodgemaak, maar daar was geen swaard in Dawid se hand nie.
- 51 Toe het Dawid gehardloop en oor die F'lishtyn gaan staan en sy swaard gevat, dit uit sy skede getrek en hom doodgemaak en sy kop daarmee afgekap. Toe die F'lishtyne sien dat hulle kampioen dood is, het hulle gevlug.
- 52 Die manne van Yisra'el en Y'hudah het opgestaan, geskreeu in vreugde en die F'lishtyne agtervolg tot by die valleï en tot by die poorte van 'Ekron. Die gevalle F'lishtyne het langs die pad na Sha'arayim gelê, selfs tot by Gat en 'Ekron.
- 53 Die seuns van Yisra'el het teruggekeer van agtervolging van die F'lishtyne en hulle kamp geplunder.
- 54 Dawid het die kop van die F'lishtyn gevat en dit na Yerushalayim toe gebring, maar sy wapens in sy tent gesit.
- 55 Toe Sha'ul Dawid sien uittrek teen die F'lishtyn, sê hy vir Avner, die bevelvoerder van die leer: "Avner, wie se seun is dié jongman?" Avner antwoord: "By u lewe, o koning, ek weet nie!"
- 56 Die koning sê: "Vind uit wie se seun die jongman is."
- 57 Toe Dawid terugkom nadat hy die F'lishtyn doodgemaak het, het Avner hom gevat en hom voor Sha'ul gebring, met die kop van die F'lishtyn in sy hand.
- 58 Sha'ul vra vir hom: "Wie se seun is jy, jongman?" Dawid antwoord: "Die seun van u dienskneg, Yishai, die Beit-Legemiet."
- 18** 1 Dit het gebeur nadat hy met Sha'ul gepraat het dat Y'honatan se lewe verkleef geraak het aan Dawid se lewe en Y'honatan het hom liefgekry soos sy eie lewe.
- 2 Sha'ul het hom daardie dag gevat en hom nie na sy vader se huis laat terugkeer nie.
- 3 Toe sluit Y'honatan 'n verbond met Dawid omdat hy hom liefgehad het soos homself.
- 4 Y'honatan het sy mantel, wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, met sy pantser, insluitend sy swaard, sy boog en sy gordel.

- 5 Dawid het uitgegaan na waar ook al Sha'ul hom gestuur het en was voorspoedig en Sha'ul het hom oor die krygsmanne aangestel. Dit was goed in die oë van al die mense en ook in die oë van die diensknegte van Sha'ul.
- 6 Dit het gebeur toe hulle gekom het, toe Dawid teruggekeer het nadat hy die F'lishtyne doodgemaak het, dat die vroue uit al die stede van Yisra'el singend en dansend gekom het om koning Sha'ul met tamboeryne, vreugde en musiekinstrumente te ontmoet.
- 7 Die vroue het gesing terwyl hulle speel en gesê: "Sha'ul het sy duisende neergeslaan, maar Dawid sy tienduise!"
- 8 Toe word Sha'ul baie kwaad, want hierdie woord het hom ontevrede gemaak en hy sê: "Hulle het aan Dawid tienduiseende toegeken, maar aan my het hulle duisende toegeken. Wat meer kan hy nou kry as net die koningskap!"
- 9 Sha'ul het van dié dag af aan met agterdog na Dawid gekyk.
- 10 Dit het gebeur op die volgende dag dat 'n bose gees vanaf voor יהוה kragtig op Sha'ul gekom het sodat hy in verrukking was binne-in die huis terwyl Dawid soos gewoonlik met sy hand die harp speel en Sha'ul het 'n spies in sy hand gehad.
- 11 Sha'ul het die spies gegooi, want hy het gedink: "Ek sal Dawid teen die muur vaspen!" Dawid het egter twee maal uit sy teenwoordigheid ontsnap.
- 12 Sha'ul was bang vir Dawid, want יהוה was by hom en het van Sha'ul af weggegaan.
- 13 Sha'ul het hom daarom uit sy teenwoordigheid verwyder en hom aangestel as sy bevelvoerder oor 'n duisend en hy het uitgegaan en ingekom voor die manne.
- 14 Dawid was voorspoedig in al sy weë, want יהוה was by hom. ^{Ps 1:3}
- 15 Toe Sha'ul sien dat hy baie voorspoedig was, het hy hom gevrees,
- 16 maar die hele Yisra'el en Y'udah het Dawid liefgehad en hy het voor hulle uitgegaan en ingekom.
- 17 Toe het Sha'ul vir Dawid gesê: "Hier is my oudste dogter, Merav, ek sal haar vir jou as vrou gee; wees net 'n dapper man vir my en veg die oorloë van יהוה," want Sha'ul het gedink: "My hand sal nie teen hom wees nie, maar laat die hand van die F'lishtyne teen hom wees."
- 18 Dawid het egter vir Sha'ul gesê: "Wie is ek en wat is my lewe of my vader se familie in Yisra'el dat ek die koning se skoonseun sou wees?"
- 19 So het dit gebeur teen die tyd dat Merav, die dogter van Sha'ul, vir Dawid gegee moes word, dat sy vir Adri'el, die Megolati, as vrou gegee is.
- 20 Mikhal, Sha'ul se dogter, het Dawid liefgehad. Toe hulle dit vir Sha'ul vertel, het hy dit goedgekeur.
- 21 Sha'ul het gedink: "Ek sal haar vir hom gee dat sy vir hom 'n strik kan wees en dat die hand van die F'lishtyne teen hom kan wees." Sha'ul het daarom vir Dawid gesê: "Jy kan vir die tweede keer my skoonseun word, op hierdie dag!"
- 22 Toe het Sha'ul sy diensknegte beveel: "Praat met Dawid in die geheim en sê: 'Let op, die koning het vreugde oor jou en al sy diensknegte het jou lief; nou daarom, word die koning se skoonseun.'"

- 23 Die diensknegte van Sha'ul het toe hierdie woorde vir Dawid gesê, maar Dawid het gevra: "Is dit 'n kleinigheid in julle oë om die skoonseun van die koning te word, aangesien ek 'n arm man is wat min geag word?"
- 24 Die diensknegte van Sha'ul het aan hom rapporteer volgens die woorde wat Dawid gesê het.
- 25 Toe sê Sha'ul: "So moet julle vir Dawid sê: "Die koning vereis geen ander bruidsprys as tweehonderd voorhuide van die F'lishtyne nie, om wraak te neem op die koning se vyande." Sha'ul het beplan om Dawid te laat val deur die hand van die F'lishtyne.
- 26 Toe sy diensknegte hierdie woorde vir Dawid vertel, was Dawid tevrede om die koning se skoonseun te word. Voordat die dae verstreke was,
- 27 het Dawid opgestaan en hy en sy manne het gegaan en tweehonderd man onder die F'lishtyne doodgeslaan. Toe het Dawid hulle voorhuide gebring en hulle het die volle getal aan die koning gegee sodat hy die koning se skoonseun kon word. Sha'ul het Mikhal, sy dogter, vir hom as vrou gegee.
- 28 Toe Sha'ul sien en verstaan dat יהודה met Dawid was en dat Mikhal, die dogter van Sha'ul, hom lief het,
- 29 het Sha'ul nog banger geword vir Dawid. So was Sha'ul Dawid se konstante vyand.
- 30 Toe het die bevelvoerders van die F'lishtyne uitgegaan en dit het gebeur so dikwels as hulle uitgaan, dat Dawid wyser opgetree het as al die diensknegte van Sha'ul. Sy naam (karakter en outoriteit) is hoog geëer.
- 19** 1 Sha'ul het vir sy seun Y'honatan en vir al sy diensknegte gesê om Dawid dood te maak, maar Y'honatan, Sha'ul se seun, het baie van Dawid gehou.
- 2 Y'honatan het dit vir Dawid vertel en gesê: "Sha'ul, my vader, soek om jou dood te maak. Wees daarom asseblief waaksaam in die oggend en bly in 'n geheime plek en steek jou weg.
- 3 Ek sal uitgaan en langs my vader staan in die veld waar jy is en ek sal met my vader oor jou praat; as ek iets uitvind, sal ek jou vertel."
- 4 Toe het Y'honatan goed van Dawid gepraat by Sha'ul, sy vader en vir hom gesê: "Moenie dat die koning sondig teen sy dienskneg Dawid nie, aangesien hy nie teen u gesondig het nie en omdat sy dade baie voordelig vir u is,
- 5 want hy het sy lewe in sy hand geneem en die F'lishtyne neergeslaan en יהודה het vir die hele Yisra'el 'n groot oorwinning besorg. U het dit gesien en was verheug. Waarom sal u dan teen onskuldige bloed sondig deur Dawid sonder rede dood te maak?"
- 6 Sha'ul het na die stem van Y'honatan geluister en Sha'ul het 'n eed geneem: "Soos יהודה leef, hy sal nie gedood word nie!"
- 7 Toe het Y'honatan vir Dawid geroep en Y'honatan het al hierdie woorde vir hom vertel. Y'honatan het Dawid na Sha'ul gebring en hy was in sy teenwoordigheid soos vroeër.
- 8 Toe daar weer oorlog was, het Dawid uitgegaan en teen die F'lishtyne geveg en hulle verslaan met 'n groot slagting sodat hulle voor hom uit gevlug het.

- 9 Daar was 'n bose gees vanaf voor יהוה op Sha'ul terwyl hy in sy huis sit met sy spies in sy hand en Dawid die harp met sy hand speel.
- 10 Sha'ul het probeer om Dawid met die spies teen die muur vas te pen, maar hy het uit Sha'ul se teenwoordigheid weggeglip sodat hy die spies in die muur ingegooi het. Dawid het gevlug en daardie nag ontsnap.
- 11 Toe het Sha'ul boodskappers na Dawid se huis gestuur om hom te bewaak om hom in die oggend dood te maak, maar Dawid se vrou, Mikhal, het hom vertel en gesê: "As jy nie vannag jou lewe red nie, sal jy môre doodgemaak word."
- 12 Mikhal het Dawid deur 'n venster laat afsak en hy het uitgegaan, gevlug en ontsnap.
- 13 Mikhal het die huishoudelike afgod gevat, dit op die bed neergelê, 'n kussing van bokhaar by sy kop gesit en dit bedek met klere.
- 14 Toe Sha'ul boodskappers stuur om Dawid te vat, het sy gesê: "Hy is siek."
- 15 Toe stuur Sha'ul die boodskappers om Dawid te sien met die opdrag: "Bring hom na my toe op sy bed sodat ek hom kan doodmaak."
- 16 Toe die boodskappers inkom, let op, was die huishoudelike afgod op die bed en 'n kussing van bokhaar by sy kop!
- 17 Sha'ul sê vir Mikhal: "Waarom het jy my so bedrieg en my vyand laat gaan sodat hy ontsnap het?" Mikhal het Sha'ul geantwoord: "Hy het vir my gesê: 'Laat my gaan, of ek maak jou dood.'"
- 18 Dawid het gevlug en ontsnap en by Sh'mu'el in Ramah gekom en hom alles vertel wat Sha'ul aan hom gedoen het. Hy en Sh'mu'el het in die blyplekke van die profete gaan bly.
- 19 Dit is vir Sha'ul vertel en gesê: "Let op, Dawid is in die blyplekke by Ramah."
- 20 Toe stuur Sha'ul boodskappers om Dawid te gaan haal, maar toe hulle die groep profete sien profeteer, met Sh'mu'el wat staan en hulle lei, het die Gees van God oor die boodskappers van Sha'ul gekom en hulle het ook geprofeteer.
- 21 Toe dit aan Sha'ul vertel is, het hy ander boodskappers gestuur en hulle het ook geprofeteer. Sha'ul het weer, die derde keer, boodskappers gestuur en hulle het ook geprofeteer.
- 22 Toe het hy self na Ramah gegaan en tot by die groot put gekom wat by Sekhu is en gevra en gesê: "Waar is Sh'mu'el en Dawid?" Iemand antwoord: "Let op, hulle is by die blyplekke in Ramah."
- 23 Hy het aangegaan tot by die blyplekke in Ramah en die Gees van God het ook oor hom gekom sodat hy saam geloop en aanhoudend geprofeteer het totdat hy by die blyplekke in Ramah gekom het.
- 24 Hy het ook sy klere uitgetrek en hy het ook voor Sh'mu'el geprofeteer en kaal gelê daardie hele dag en die hele nag; daarom sê hulle: "Is Sha'ul ook onder die profete?"

- 20** 1 Toe het Dawid gevlug vanaf die blyplekke by Ramah en by Y'honatan gekom en gevra: "Wat het ek gedoen? Wat is my oortreding en wat is my sonde voor jou vader, dat hy my lewe soek?"
- 2 Hy sê vir hom: "'n Verwerplike gedagte! Jy sal nie sterf nie. Let op, my vader doen geen ding, klein of groot, sonder om dit aan my te openbaar nie. Waarom sou my vader dan hierdie saak vir my wegsteek? Dit is nie so nie!"
- 3 Toe sweer Dawid weer en sê: "Jou vader weet baie goed dat ek guns in jou oë gevind het en hy het gesê: 'Moenie dat Y'honatan dit weet nie, anders sal hy bedroef wees,' maar so waar as יהוה leef en jyself leef, daar is skaars 'n tree tussen my en die dood!"
- 4 Toe sê Y'honatan vir Dawid: "Wat jy ook al sê, sal ek vir jou doen."
- 5 Toe sê Dawid vir Y'honatan: "Let op, môre is dit nuwemaan en ek is veronderstel om saam met die koning te eet, maar laat my gaan sodat ek myself wegsteek in die veld tot die derde sonsondergang toe.
- 6 As jou vader my enigins mis, sê dan: 'Dawid het my dringend verlof gevra om na sy stad, Beit-Legem, te hardloop, want dit is die jaarlikse offer vir die hele familie daar.
- 7 As hy so sê: 'Goed,' dan is jou dienskneg veilig, maar as hy baie kwaad word, weet dan dat hy besluit het op boosheid.
- 8 Bewys dan 'n guns aan jou dienskneg, want jy het jou dienskneg saam met jou in 'n verbond van יהוה gebring. As daar egter oortreding by my is, maak my dan self dood, want waarom sou jy my dan na jou vader toe bring?"
- 9 Y'honatan het gesê: "Wat 'n verwerplike gedagte, want as ek sekerlik agterkom dat my vader besluit het om boosheid oor jou te laat kom, sou ek jou nie daarvan vertel nie?"
- 10 Toe vra Dawid vir Y'honatan: "Wie sal my vertel of jou vader jou 'n harde antwoord gee?"
- 11 Y'honatan sê vir Dawid: "Kom, laat ons uitgaan in die veld in." Beide van hulle het uitgegaan na die veld.
- 12 Toe sê Y'honatan vir Dawid: "יהוה, die God van Yisra'el, is Getuie! Wanneer ek na my vader geluister het op hierdie tyd môre of die derde dag, let op, as dit goed is teenoor Dawid, sal ek dan nie na jou toe stuur en dit aan jou openbaar nie?"
- 13 As dit my vader plesier om jou skade aan te doen, mag יהוה so aan Y'honatan doen en ook meer, as ek dit nie aan jou bekend maak en jou wegstuur nie sodat jy veilig kan gaan. Mag יהוה by jou wees soos Hy by my vader was.
- 14 As ek dan nog lewe, sal jy my nie die liefdevolle omgee van יהוה bewys dat ek nie sal sterf nie?"
- 15 Jy sal ook vir ewig nooit jou liefdevolle omgee aan my huis onttrek nie, selfs nie wanneer יהוה elke een van die vyande van Dawid afsny van die oppervlak van die aarde af nie."
- 16 So het Y'honatan 'n verbond gesluit met die huis van Dawid. "Mag יהוה dit eis van die hand van Dawid se vyande."

- 17 Y'honatan het Dawid weer laat sweer as gevolg van sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad soos hy sy eie lewe liefgehad het.
- 18 Toe het Y'honatan vir hom gesê: "Môre is dit nuwemaan en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees.
- 19 Wanneer jy drie dae gebly het, moet jy gou afkom en gaan na die plek waar jy jou op daardie gebeurlike dag weggesteek het en jy moet by die klip 'Ezel bly.
- 20 Ek sal drie pyle aan die kant skiet asof ek na 'n teiken skiet
- 21 en let op, ek sal die jongman stuur: 'Gaan soek die pyle!' As ek spesifiek vir die jongman sê: 'Let op, die pyle is dié kant van jou, kry hulle,' kom dan, want dit is veilig vir jou en geen skade nie, so waar as יהודה leef!
- 22 As ek egter vir die jongman sê: 'Let op, die pyle is anderkant jou,' gaan, want יהודה het jou weggestuur.
- 23 Wat die ooreenkoms betref waarom ons gepraat het, let op, יהודה is saam met my en jou vir ewig."
- 24 Dawid het in die veld weggekruipt en toe die nuwemaan kom, gaan die koning aansit om kos te eet.
- 25 Die koning het op sy sitplek gaan sit soos gewoonlik, die sitplek teen die muur; toe het Y'honatan op 'n plek gaan sit en Avner het langs Sha'ul gesit, maar Dawid se plek was leeg.
- 26 Nogtans het Sha'ul niks gepraat op daardie dag nie, want hy het gedink: "Dit is toevallig, hy is nie rein nie, sekerlik is hy nie rein nie."
- 27 Dit het gebeur op die tweede dag van die nuwemaan dat Dawid se plek leeg was. Sha'ul sê vir Y'honatan, sy seun: "Waarom het die seun van Yishai nie na die maaltyd gekom nie, nie gister of vandag nie?"
- 28 Y'honatan antwoord Sha'ul toe: "Dawid het my dringend verlof gevra om na Beit-Legem te gaan
- 29 want hy het gesê: 'Laat my asseblief gaan, aangesien ons familie 'n offer in die stad het en my broer het my beveel om dit by te woon. As ek dan nou guns in jou oë gevind het, laat my asseblief gaan dat ek my broers kan sien.' Hy het daarom nie na die koning se tafel toe gekom nie."
- 30 Toe het Sha'ul se woede ontvlam teen Y'honatan en hy sê vir hom: "Jy, seun van 'n perverse rebelse vrou, weet ek nie dat jy die seun van Yishai kies tot jou eie skande en tot skande van jou moeder se naaktheid nie?
- 31 Want solank as wat die seun van Yishai op die aarde leef, sal nie jy of jou koningskap bevestig word nie; daarom, stuur nou en bring hom na my toe, want hy moet sekerlik sterf."
- 32 Y'honatan het egter vir Sha'ul, sy vader, geantwoord en vir hom gesê: "Waarom moet hy gedood word, wat het hy gedoen?"
- 33 Toe slinger Sha'ul sy spies na hom toe om hom neer te vel. Toe het Y'honatan geweet dat sy vader besluit het om Dawid dood te maak.
- 34 Toe staan Y'honatan in gloeiende woede van die tafel af op en het geen kos geëet op die tweede dag van die nuwemaan nie, want hy was bedroef oor Dawid omdat sy vader hom onteer het.

- 35 Dit het gebeur in die oggend dat Y'honatan uitgegaan het in die veld in vir die afspraak met Dawid en 'n jongman was saam met hom.
- 36 Hy sê vir sy dienskneg: "Hardloop, vind nou die pyle wat ek gaan skiet." Terwyl die jongman hardloop, skiet hy 'n pyl verby hom.
- 37 Toe die jongman by die plek van die pyl kom wat Y'honatan geskiet het, roep Y'honatan die jongman agterna en sê: "Is die pyl nie verby jou nie?"
- 38 Y'honatan roep agter die jongman aan: "Maak gou, vinnig, moenie bly nie." Y'honatan se jongman tel die pyl op en kom na sy meester toe,
- 39 maar die jongman was van niks bewus nie: net Y'honatan en Dawid het van die saak geweet.
- 40 Toe gee Y'honatan sy wapens vir die jongman en sê vir hom: "Gaan, bring dit na die stad."
- 41 Toe die jongman weg was, staan Dawid op van die suidekant af en val met sy gesig op die grond en buig drie maal. Hulle het mekaar gesoen en saam gehuil, maar Dawid het meer gehuil.
- 42 Y'honatan het vir Dawid gesê: "Gaan in veiligheid, in sover ons vir mekaar gesweer het in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en gesê het: יהוה sal saam met my en jou wees en saam met my nageslag en jou nageslag, vir ewig." Toe het hy opgestaan en weggegaan, maar Y'honatan het in die stad ingegaan.
- 21** 1 Toe het Dawid by Nov gekom, by die priester Agimelekh. Agimelekh het Dawid bewend tegemoetgegaan en vir hom gevra: "Waarom is u alleen en is daar niemand by u nie?"
- 2 Dawid sê vir Agimelekh, die priester: "Die koning het vir my 'n opdrag gegee en vir my gesê: 'Laat niemand iets van die saak weet waarvoor ek jou stuur en wat ek aan jou opdra nie' en ek het die jongmanne na 'n sekere plek gestuur;
- 3 daarom nou, wat is hier by u? Gee vir my vyf brode, of wat ook al gevind kan word."
- 4 Die priester het Dawid geantwoord en gesê: "Daar is geen gewone brood ter hande nie, maar daar is afgesonderde brood; as die jongmanne hulle maar net van vroue af weggehou het."
- 5 Dawid het die priester geantwoord en vir hom gesê: "Sekerlik is die manne van gister en eergister af afgesonder toe ons vertrek het en let op, die uitrusting van die jongmanne is afgesonder, soos op die gewone manier; hoeveel te meer sal hulle uitrusting vandag afgesonderd wees!"
- 6 Toe gee die priester vir hom afgesonderde brood, want daar was geen ander brood nie, behalwe die Brode van die Teenwoordigheid wat voor יהוה weggevat is, om vars brood neer te sit as dit weggevat word.
- 7 Een van die diensknegte van Sha'ul was daardie dag daar, teruggehou voor יהוה en sy naam was Do'eg, die Edomiet, die hoof van Sha'ul se veewagters.
- 8 Dawid sê vir Agimelekh: "Is hier nie 'n spies of 'n swaard byderhand nie? Want ek het nie my swaard of my wapens saam met my gebring nie, want die opdrag van die koning was dringend."

- 9 Toe sê die priester: “Die swaard van Golyat, die F'lishtyn, wat u in die vallei van Elah doodgemaak het, is daar agter die skouerkleed in 'n lap toegedraai; as u dit vir uself wil vat, vat dit, want daar is geen ander behalwe dit hier nie.” Dawid het gesê: “Daar is geen ander soos hy nie, gee dit vir my.”
- 10 Toe het Dawid opgestaan en dié dag van Sha'ul af weggevlug en na Akhish, die koning van Gat, toe gegaan.
- 11 Die diensknegte van Akhish het egter vir hom gevra: “Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Het hulle nie vir hom gesing terwyl hulle gedans en gesê het: ‘Sha'ul het sy duisende verslaan en Dawid sy tienduisende,’ nie?”
- 12 Dawid het hierdie woorde ter harte geneem en baie bang geword vir Akhish, die koning van Gat;
- 13 daarom het hy sy sinne voor hulle weggesteek en kranksinnig in hulle hande opgetree en op die deure van die poort geskryf en sy speeksel in sy baard laat afloop.
- 14 Toe sê Akhish vir sy diensknegte: “Let op, julle sien die man tree op soos 'n mal mens. Hoekom bring julle hom na my toe?”
- 15 Het ek 'n gebrek aan kranksinniges dat julle hierdie een gebring het om as kranksinnige op te tree voor my? Moet so een in my huis inkom?”
- 22** 1 Dawid het daarvandaan weggegaan en ontvlug na die grot van 'Adullam en toe sy broers en sy vader se hele huishouding dit hoor, het hulle daarheen afgetrek na hom toe.
- 2 Elkeen wat in benoudheid was, elkeen wat in skuld was en elkeen wat ontevrede was, het by hom bymekaargekom en hy het bevelvoerder oor hulle geword. Daar was omtrent vier honderd man by hom gewees.
- 3 Dawid gaan toe van daar af na Mitzpeh in Mo'av en sê vir die koning van Mo'av: “Laat my vader en my moeder asseblief by julle bly totdat ek weet wat God vir my wil doen.”
- 4 Toe los hy hulle by die koning van Mo'av en hulle het by hom gebly al die tyd wat Dawid in die vesting was.
- 5 Die profeet Gad het vir Dawid gesê: “Moenie in die vesting bly nie; gaan weg en gaan in die land Y'hudah in.” Dawid het weggegaan en in die woud van Heret ingegaan.
- 6 Toe het Sha'ul gehoor dat Dawid en die manne wat by hom was, gevind is. Sha'ul het by Giv'ah op die hoogte onder die tamariskboom gesit met sy spies in sy hand en al sy diensknegte het rondom hom gestaan.
- 7 Sha'ul het vir sy diensknegte wat rondom hom gestaan het, gesê: “Luister nou, o Binyaminiete: sal die seun van Yishai ook vir julle almal lande en wingerde gee, julle almal aanstel as bevelvoerders oor duisende en bevelvoerders oor honderde?”
- 8 Want almal van julle het teen my saamgesweer sodat daar niemand is wat dit aan my openbaar as my seun met die seun van Yishai 'n verbond sluit nie en niemand van julle wat vir my jammer is of aan my openbaar dat my seun my dienskneg teen my ophits om vir my 'n hinderlaag te lê, soos dit vandag is nie.”

- 9 Toe sê Do'eg, die Edomiet, wat by die diensknegte van Sha'ul gestaan het: "Ek het die seun van Yishai sien kom na Nov by Agimelekh, die seun van Agituv.
- 10 Hy het יהודה geraadpleeg vir hom, vir hom padkos gegee en vir hom die swaard van Golyat, die F'lishtyn, gegee."
- 11 Toe stuur die koning iemand om die priester Agimelekh, die seun van Agituv, met sy vader se hele huishouding, die priesters wat in Nov was, te roep en hulle het almal na die koning toe gekom.
- 12 Sha'ul het gesê: "Luister nou, seun van Agituv!" Hy het geantwoord: "Hier is ek, my meester!"
- 13 Sha'ul sê vir hom: "Waarom het jy en die seun van Yishai teen my saamgesweer deurdat jy vir hom brood en 'n swaard gegee het en God vir hom geraadpleeg het sodat hy teen my sou opstaan deur in hinderlaag teen my te lê, soos dit vandag is?"
- 14 Toe antwoord Agimelekh die koning en sê: "Wie is onder al u diensknegte so getrou soos Dawid, selfs die skoonseun van die koning, wat bevelvoerder oor u wag is en geëerd is in u huis?"
- 15 Het ek vandag begin om God vir hom te raadpleeg? Dit is ver van my! Die koning moenie op sy dienskneg, op enige van die huishouding van my vader, iets lê nie, want u dienskneg weet niks van hierdie hele saak nie."
- 16 Die koning sê egter: "Agimelekh, jy moet sekerlik sterf, jy en jou vader se hele huishouding." » 1 Sh'm 2:27-33; 1 Sh'm 14:3; 1 Sh'm 22:11, 20
- 17 Die koning sê vir die wagte wat hom bedien: "Draai om en maak die priesters van יהודה dood omdat hulle hand ook met Dawid is en omdat hulle geweet het dat hy vlug en dit nie aan my geopenbaar het nie." Die diensknegte van die koning was nie gewillig om hulle hand uit te steek om die priesters van יהודה aan te val nie.
- 18 Toe sê die koning vir Do'eg: "Draai jy om en val die priesters aan." Do'eg, die Edomiet, het omgedraai en die priesters aangeval en hy het op dié dag vyf en tagtig man wat die linie skouerkleed dra, gedood.
- 19 Hy het ook die priesterstad Nov met die skerpste van die swaard geslaan, beide mans en vroue, kinders en suigeling; ook die beeste, donkies en skape het hy met die skerpste van die swaard geslaan.
- 20 Een seun van Agimelekh, die seun van Agituv, met die naam van Avyatar, het ontsnap en agter Dawid aan gevlug.
- 21 Avyatar het vir Dawid vertel dat Sha'ul die priesters van יהודה vermoor het.
- 22 Toe sê Dawid vir Avyatar: "Ek het op daardie dag, toe Do'eg, die Edomiet, daar was, geweet dat hy sekerlik vir Sha'ul sou vertel. Ek is die oorsaak van die dood van al die lede van jou vader se huishouding.
- 23 Bly by my; moenie bang wees nie, jy is veilig by my, want hy wat my lewe soek, soek jou lewe ook."
- 23** 1 Toe het hulle Dawid meegedeel en gesê: "Let op, die F'lishtyne veg teen Ke'ilah en hulle plunder die dorsvloere."
- 2 Toe raadpleeg Dawid יהודה en vra: "Sal ek gaan en hierdie F'lishtyne aanval?" יהודה sê vir Dawid: "Gaan en val die F'lishtyne aan en bevry Ke'ilah."

- 3 Dawid se manne sê egter vir hom: "Let op, hier in Y'hudah is ons bang. Hoeveel te meer dan as ons na Ke'ilah gaan teen die gevegsordes van die F'lishtyne?"
- 4 Toe raadpleeg Dawid יְהוָה weer en יְהוָה het hom geantwoord en gesê: "Staan op, gaan af na Ke'ilah, want Ek sal die F'lishtyne in jou hand gee."
- 5 Dawid en sy manne het na Ke'ilah gegaan en teen die F'lishtyne geveg en hulle vee weggelei en hulle met 'n groot slag geslaan. So het Dawid dan die inwoners van Ke'ilah bevry.
- 6 Dit het gebeur toe Avyatar, die seun van Agimelekh, na Dawid toe gevlug het by Ke'ilah, dat hy afgekom het met 'n skouerkleed in sy hand.
- 7 Toe dit aan Sha'ul vertel is dat Dawid na Ke'ilah gekom het, het Sha'ul gesê: "God het hom in my hand oorgelewer, want hy het homself ingesluit deur in 'n stad met dubbel poorte en grendels in te gaan."
- 8 Sha'ul het al die manne vir oorlog opgeroep om af te gaan na Ke'ilah om Dawid en sy manne te omsingel.
- 9 Dawid het geweet dat Sha'ul boosheid teen hom beraam; dus het hy vir Avyatar, die priester, gesê: "Bring die skouerkleed hier."
- 10 Toe sê Dawid: "יְהוָה, God van Yisra'el, U dienskneg het verseker gehoor dat Sha'ul na Ke'ilah wil kom om die stad om my ontwil te vernietig.
- 11 Sal die manne van Ke'ilah my in sy hand oorgee? Sal Sha'ul afkom soos U kneg gehoor het? יְהוָה, God van Yisra'el, ek bid, vertel asseblief U dienskneg!" יְהוָה het geantwoord: "Hy sal afkom."
- 12 Toe vra Dawid: "Sal die manne van Ke'ilah my en my manne in die hand van Sha'ul uitlewer?" יְהוָה antwoord: "Hulle sal jou uitlewer."
- 13 Toe het Dawid en sy manne, omtrent ses honderd, opgestaan en vanaf Ke'ilah weggegaan en gegaan waar hulle ook al kon. Toe dit vir Sha'ul vertel is dat Dawid uit Ke'ilah ontsnap het, het hy die agtervolgning gestop.
- 14 Dawid het in vestings in die wildernis gebly en in 'n berg in die wildernis van Zif vertoef. Sha'ul het hom elke dag gesoek, maar God het hom nie in sy hand oorgegee nie.
- 15 Dawid het bewus geword daarvan dat Sha'ul uitgekom het om sy lewe te soek terwyl Dawid in die wildernis van Zif, by Horesh, was.
- 16 Y'honatan, Sha'ul se seun, het opgestaan en na Dawid by Horesh gegaan en hom bemoedig in God.
- 17 So het hy vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, want die hand van Sha'ul, my vader, sal jou nie vind nie en jy sal koning wees oor Yisra'el en ek sal onder jou wees en my vader, Sha'ul, weet dit ook.
- 18 Toe sluit hulle twee 'n verbond voor die Teenwoordigheid van יְהוָה en Dawid het in Horesh gebly terwyl Y'honatan na sy huis toe gegaan het.
- 19 Toe het daar Zifete opgegaan na Sha'ul by Giv'ah en gesê: "Kruip Dawid nie by ons weg, by die vestings by Horesh, op die heuwel van Hakhilah, wat suid van die wildernis lê nie?"
- 20 Nou dan, o koning, kom af om volgens al die begeerte van u verstand, wil en emosie te doen en ons deel sal wees om hom in die hand van die koning uit te lewer."

- 21 Sha'ul het gesê: "Mag julle geseënd wees deur יהוה omdat julle vir my omgee het.
- 22 Gaan nou, maak doodseker en ondersoek en bekyk die plek waar sy blyplek is, wie hom daar gesien het, want ek word vertel dat hy baie listig is.
- 23 Kyk en leer van al die wegkruipplekke waar hy homself wegsteek en kom na my toe terug met sekerheid en ek sal saam met julle gaan en as hy in die land is, sal ek hom opspoor onder al die duisende van Y'hudah."
- 24 Toe het hulle opgestaan en voor Sha'ul uit na Zif gegaan. Dawid en sy manne was in die wildernis van Ma'on, in die vlakte ('Aravah) suid van Yeshimon.
- 25 Toe Sha'ul en sy manne gaan om hom te soek, het hulle Dawid vertel en hy het afgegaan na die rots en in die wildernis van Ma'on gebly. Toe Sha'ul dit hoor, het hy Dawid agtervolg in die wildernis van Ma'on.
- 26 Sha'ul het aan een kant van die berg getrek en Dawid en sy manne aan die ander kant van die berg. Dawid het gou gemaak om van Sha'ul af weg te kom, want Sha'ul en sy manne het Dawid en sy manne omsingel om hulle te vang.
- 27 'n BoodsAPPER kom egter by Sha'ul en sê: "Maak gou en kom, want die F'lishtyne het 'n inval op die land gedoen."
- 28 Sha'ul het teruggedraai daarvan om Dawid agterna te jaag en gegaan om die F'lishtyne te ontmoet; daarom noem hulle daardie plek die Rots van Ontsnapping. (Sela-Hamaglekot)

- 24** 1 Dawid het opgegaan van daar af en in die vestings van 'Ein-Gedi gebly.
- 2 Toe Sha'ul terugkom van die agtervolging van die F'lishtyne, is vir hom vertel en gesê: "Let op, Dawid is in die wildernis van 'Ein-Gedi."
- 3 Toe vat Sha'ul drie duisend uitgesoekte manne uit die hele Yisra'el en gaan om Dawid en sy manne te soek voor die Rotse van die Bergbokke.
- 4 Hy het op pad by die skaapkrake gekom waar daar 'n grot was en Sha'ul het ingegaan om homself te verlig. Dawid en sy manne het in die agterste kamers van die grot gesit.
- 5 Die manne van Dawid sê vir hom: "Let op, dit is die dag waarvan יהוה vir u gesê het: "Ek is op die punt om jou vyand in jou hand te gee en jy sal met hom maak soos jy goeddink." Toe staan Dawid op en sny stilletjies die soomhoek van Sha'ul se kleed af.
- 6 Dit het later gebeur dat Dawid se gewete hom gepla het omdat hy die soomhoek van Sha'ul se kleed afgesny het
- 7 en hy het vir sy manne gesê: "As gevolg van יהוה is dit ver van my dat ek hierdie ding aan my meester, die gesalfde van יהוה, sou doen om my hand teen hom uit te steek, want hy is die gesalfde van יהוה."
- 8 Dawid het sy manne met hierdie woorde oortuig en hulle nie toegelaat om teen Sha'ul op te staan nie. Sha'ul het opgestaan, die grot verlaat en op sy pad gegaan.
- 9 Daarna staan Dawid op en gaan uit die grot uit en roep agter Sha'ul aan en sê: "My meester, die koning!" Toe Sha'ul agter hom kyk, buig Dawid met sy gesig na die grond toe en val neer.

- 10 Dawid sê vir Sha'ul: "Waarom luister u na die woorde van mense wat sê: 'Let op, Dawid soek om u skade aan te doen?'"
- 11 Let op, vandag het u gesien dat יהוה u in die grot in my hand gegee het en sommige het gesê dat ek u moet doodmaak, maar ek het u jammer gekry en ek het gesê: 'Ek sal nie my hand uitsteek teen my meester nie, want hy is die gesalfde van יהוה.'
- 12 Kyk nou, my vader! Inderdaad, sien die soomhoek van u kleed in my hand, want ek het die soomhoek van u kleed afgesny en u nie gedood nie. Weet en verstaan dat daar geen boosheid of rebellie in my hande is nie en ek het nie teen u gesondig nie alhoewel u op my lewe lê en wag om dit te vat.
- 13 Mag יהוה oordeel tussen u en my en mag יהוה my op u wreek, maar my hand sal nie teen u wees nie.
- 14 Soos die spreekwoord van die oumense sê: 'Uit die wetteloosheid kom boosheid voort,' maar my hand sal nie teen u wees nie.
- 15 Agter wie aan het die koning van Yisra'el uitgekom? Wie agtervolg u? 'n Dooie hond, 'n enkele vlooi!
- 16 יהוה sal daarom Regter wees en besluit tussen u en my. Mag Hy my saak sien en verdedig en my bevry uit u hand."
- 17 Toe Dawid klaar hierdie woorde tot Sha'ul uitgespreek het, sê Sha'ul: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" Toe het Sha'ul sy stem opgelig en gehuil.
- 18 Hy het vir Dawid gesê: "Jy is regverdiger as ek, want jy het aan my goed gedoen terwyl ek boosheid aan jou gedoen het.
- 19 Jy het vandag verklaar dat jy aan my goed gedoen het en dat יהוה my in jou hand oorgelewer het en tog het jy my nie gedood nie,
- 20 want as iemand sy vyand vind, sal hy hom veilig laat gaan? Mag יהוה jou daarom met die goeie beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het.
- 21 Nou, let op, ek weet dat jy sekerlik koning sal wees en dat die koninkryk van Yisra'el in jou hand bevestig sal word.
- 22 Nou, sweer vir my by יהוה dat jy my nageslag ná my nie sal afsny en my naam nie uit my vader se huis sal vernietig nie."
- 23 Dawid het vir Sha'ul gesweer en Sha'ul het na sy huis toe gegaan, maar Dawid en sy manne het na die vesting toe opgegaan.
- 25** 1 Toe is Sh'mu'el dood en die hele Yisra'el het bymekaargekom en oor hom gerou en hom begrawe by sy huis in Ramah. Dawid het opgestaan en afgegaan na die wildernis van Pa'ran.
- 2 Daar was 'n man in Ma'on wie se besigheid in Karmel was en die man was baie ryk en het drie duisend skape en 'n duisend bokke gehad. Dit het gebeur terwyl hy sy skape geskeer het in Karmel
- 3 (die man se naam was Naval en die naam van sy vrou Avigayil en die vrou was intelligent en mooi van aansien, maar die man was grof en boos in sy optrede en hy was van die familie van Kaleb)
- 4 dat Dawid in die wildernis gehoor het dat Naval sy skape skeer.
- 5 Dawid stuur tien jongmanne en Dawid sê vir die jongmanne: "Gaan op na Karmel en groet vir Naval in my naam

- 6 en so moet julle sê: “’n Lang lewe, vrede vir u huis en vrede op alles wat u besit.
- 7 Nou, ek het gehoor dat u skeerders het. U herders was by ons en ons het hulle nie beledig nie en hulle het ook niks vermis, al die dae wat hulle in Karmel was nie.
- 8 Vra u jongmanne en hulle sal u vertel. Laat my jongmanne daarom guns vind in u oë, want ons het op ’n feestelike dag gekom. Gee asseblief wat u byderhand het aan u diensknegte en aan u seun Dawid.”
- 9 Toe Dawid se jongmanne arriveer, praat hulle met Naval volgens al hierdie woorde in Dawid se naam; toe wag hulle.
- 10 Naval het egter die diensknegte van Dawid geantwoord en gesê: “Wie is Dawid? Wie is die seun van Yishai? Daar is vandag baie diensknegte wat elkeen wegbreek van sy meester af.
- 11 Sou ek dan my brood, my water en my slaggoed wat ek vir my skeerders geslag het, vat en vir manne gee wie se oorsprong ek nie ken nie?”
- 12 Dawid se jongmanne het omgedraai op hulle pad en teruggegaan en gekom en hom vertel volgens al hierdie woorde.
- 13 Dawid sê vir sy manne: “Gord elkeen sy swaard aan!” Elke man het sy swaard aange gord en Dawid het ook sy swaard aange gord en omtrent vier honderd man het agter Dawid opgegaan terwyl twee honderd by die bagasie gebly het.
- 14 Een van die jongmanne het egter vir Avigayil, die vrou van Naval, vertel en gesê: “Let op, Dawid het boodskappers uit die wildernis gestuur om ons meester te groet en hy het hulle afgejak.
- 15 Tog was die manne vir ons baie goed en ons is nie beledig of het enige iets vermis al die dae wat ons saam met hulle rondgetrek het toe ons in die veld was nie.
- 16 Hulle was ’n muur vir ons, snags sowel as bedags, al die dae wat ons die skape by hulle opgepas het.
- 17 Nou, daarom moet uself weet en oorweeg wat u moet doen, want boosheid word beplan teen ons meester en teen sy hele huishouding en hyself is so ’n deugniet dat niemand met hom kan praat nie.”
- 18 Toe het Avigayil gou twee honderd brode, twee kanne wyn, vyf voorbereide skape, vyf mate gebraaide graan, ’n honderd rosynekoeke en twee honderd vyekoeke gevat en dit op donkies gelaai.
- 19 Sy het vir haar jongmanne gesê: “Gaan voor my uit; let op, ek kom agter julle aan.” Sy het egter nie vir haar man, Naval vertel nie.
- 20 Dit het gebeur terwyl sy op haar donkie ry en in die verborge deel van die berg afdaal, let op, dat Dawid en sy manne afkom na haar toe; so het sy hulle ontmoet.
- 21 Nou, Dawid het gedink: “Ek het sekerlik verniet alles wat aan hierdie man behoort in die wildernis beskerm sodat daar niks van sy goed vermis is nie en hy vergeld my goedheid met boosheid.
- 22 Mag God so aan die vyande van Dawid doen en nog meer, as ek van almal wat aan hom behoort, teen die oggend een laat oorbly wat manlik is.”
- 23 Toe Avigayil Dawid sien, het sy gou van haar donkie afgeklim en voor Dawid op haar gesig neergeval en na die aarde toe gebuig.

- 24 Sy het voor sy voete neergeval en gesê: “Ek smEEK u, my meester, laat die skuld op my wees, my meester; laat u dienaress asseblief met u praat oor hierdie man, Naval,
- 25 want soos sy naam is, so is hy; Naval is sy naam en sy dwaasheid is by hom, maar ek, u dienaress, het nie my meester se jongmanne, wat u gestuur het, gesien nie;
- 26 daarom, my meester, so waar as יהוה leef en u leef, aangesien יהוה u daarvan weerhou het om bloed te vergiet en om uself deur u eie hand te vergeld, laat nou u vyande en die wat boosheid soek teen my meester, soos Naval wees.
- 27 Laat hierdie geskenk wat u dienaress vir my meester gebring het, nou vir die jongmanne gegee word wat saam met my meester is.
- 28 Vergewe asseblief die oortreding van u dienaress, want יהוה sal sekerlik vir my meester 'n standhoudende huis maak omdat my meester die oorloë van יהוה geveg het en in u hele lewe geen boosheid gevind sal word nie.
- 29 Sou enige iemand opstaan om u te agtervolg en u lewe te soek, dan sal my meester se lewe saamgebind wees in die bondel van die lewendes by יהוה, u God, maar die lewens van u vyande sal Hy uitslinger soos vanuit die holte van 'n slinger.
- 30 Wanneer יהוה vir my meester doen volgens al die goeie waarvan Hy aangaande u gepraat het en u aanstel as heerser oor Yisra'el,
- 31 sal hierdie nie vir u droefheid veroorsaak nie, beide deur bloed te vergiet sonder rede en deurdat my meester homself vergeld het. Wanneer יהוה goed sal doen aan my meester, onthou dan u dienaress.”
- 32 Toe sê Dawid vir Avigayil: “Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet
- 33 en geseënd is jou onderskeiding en geseënd is jy, wat my vandag daarvan weerhou het om bloed te laat vloei en om myself te vergeld met my eie hand.
- 34 Nogtans, so waar as יהוה, die God van Yisra'el, leef wat my verhinder het om jou kwaad aan te doen, as jy nie gou gekom het om my te ontmoet nie, sou daar waarlik nie vir Naval een manlike oorgebly het teen die oggendlig nie!”
- 35 Dawid het uit haar hand ontvang wat sy vir hom gebring het en vir haar gesê: “Gaan op na jou huis in vrede! Kyk, ek het na jou geluister en jou versoek toegestaan.”
- 36 Toe kom Avigayil by Naval en let op, hy het 'n fees in sy huis gehou, soos die fees van 'n koning. Naval se hart was vrolik in hom, want hy was baie dronk; daarom het sy hom niks vertel tot die oggendlig nie.
- 37 In die oggend egter, toe die wyn Naval verlaat het, het sy vrou hom hierdie dinge vertel en sy verstand, wil en emosie het in hom gesterf sodat hy soos 'n klip geword het.
- 38 Omtrent tien dae later het יהוה Naval getref en is hy dood.
- 39 Toe Dawid hoor dat Naval dood is, het hy gesê: “Geseënd is יהוה wat die saak van my smaad deur die hand van Naval verdedig het en sy kneg teruggehou het van boosheid. יהוה het ook die bose dade van Naval op sy eie kop laat neerkom.” Toe het Dawid 'n voorstel aan Avigayil gestuur om haar as sy vrou te neem.
- 40 Toe die diensknegte van Dawid by Avigayil, in Karmel, gekom het, het hulle met haar gepraat en gesê: “Dawid het ons na u toe gestuur om u vir hom as vrou te vat.”

- 41 Sy het opgestaan en met haar gesig na die grond toe gebuig en gesê: "Let op, hier is u dienaar as slaaf om die voete van my meester se diensknegte te was."
- 42 Toe staan Avigayil haastig op en het op 'n donkie gery, met haar vyf diensmeisies wat haar bedien en sy het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword.
- 43 Dawid het ook vir Agino'am uit Yizre'el geneem en hulle het altwee sy vroue geword.
- 44 Sha'ul het sy dogter Mikhal, Dawid se vrou, aan Palti, die seun van Layish, gegee, wat van Gallim was.

- 26** 1 Toe het die Zifiete by Sha'ul in Giv'ah gekom en gesê: "Kruip Dawid nie weg op die heuwel van Hakhilah, wat voor Yeshimon is nie?"
- 2 Sha'ul het opgestaan en afgegaan na die wildernis van Zif, met drie duisend, uitgesoekte manne uit Yisra'el saam met hom, om na Dawid te soek in die wildernis van Zif.
- 3 Sha'ul het gekamp op die heuwel van Hakhilah, wat voor Yeshimon, langs die pad lê en Dawid het in die wildernis gebly. Toe hy sien dat Sha'ul agter hom aankom in die wildernis in,
- 4 want Dawid het verkenner uitgestuur en geweet dat Sha'ul beslis kom,
- 5 het Dawid opgestaan en gekom op die plek waar Sha'ul gekamp het en Dawid het die plek gesien waar Sha'ul slaap en Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van sy leër en Sha'ul het in die sirkel van die kamp geslaap en die manne het rondom hom gekamp.
- 6 Toe sê Dawid vir Agimelekh, die Hittiet en vir Avishai, ^{1 Kro 2:16} die seun van Tz'ruyah, die broer van Yo'av: "Wie sal saam met my na Sha'ul in die kamp afgaan? Avishai het gesê: "Ek sal saam met u afgaan."
- 7 Dawid en Avishai het in die nag by die manne gekom en let op, Sha'ul lê in die sirkel van die kamp en slaap met sy spies in die grond gesteek langs sy kop en Avner en die manne het rondom hom gelê.
- 8 Toe sê Avishai vir Dawid: "Vandag het God u vyand in u hand oorgelewer; daarom dan, laat my asseblief toe om hom met die spies in een slag teen die grond vas te steek en ek sal hom nie 'n tweede keer steek nie."
- 9 Dawid sê egter vir Avishai: "Moet hom nie vernietig nie, want wie kan sy hand slaan aan die gesalfde van יהוה en sonder skuld bly?"
- 10 Dawid het ook gesê: "So waar as יהוה leef, sekerlik sal יהוה hom slaan, of sy dag sal kom dat hy sterf, of hy sal afgaan in die geveg en omkom!"
- 11 יהוה verbied dat ek my hand aan die gesalfde van יהוה sou slaan, maar vat nou asseblief die spies wat by sy kop is en die waterkruik en laat ons gaan."
- 12 Dawid het die spies en die waterkruik van langs Sha'ul se kop gevat en hulle het weggegaan, maar niemand het dit gesien of daarvan geweet nie en ook het niemand wakker geword nie, want hulle was almal aan die slaap omdat 'n diepe slaap van יהוה op hulle geval het.
- 13 Toe het Dawid oorgegaan na die anderkant en bo-op die top van die berg, op 'n afstand, gaan staan met 'n groot area tussen hulle.

- 14 Dawid het uitgeroep na die manne en na Avner, die seun van Ner en gevra: "Antwoord jy nie, Avner?" Toe antwoord Avner: "Wie is jy wat na die koning roep?"
- 15 Dawid vra vir Avner: "Is jy nie 'n man nie en wie is soos jy in Yisra'el? Waarom het jy dan nie jou meester, die koning, bewaak nie? Iemand het gekom om die koning, jou meester, te vernietig.
- 16 Hierdie ding wat jy gedoen het, is nie goed nie! So waar as יהוה leef, almal van julle verdien die dood omdat julle nie julle meester, die gesalfde van יהוה, bewaak het nie. Kyk nou, waar is die spies van die koning en die waterkruik wat by sy kop was!"
- 17 Toe herken Sha'ul Dawid se stem en vra: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" Dawid sê: "Dit is my stem, my meester, die koning!"
- 18 Hy het ook gesê: "Waarom agtervolg my meester dan sy dienskneg? Want wat het ek gedoen of watter boosheid is in my hand?
- 19 Laat my meester, die koning asseblief luister na die woorde van sy dienskneg. As יהוה u teen my aangehits het, laat Hom 'n offer aanvaar, maar as dit mense is: vervloek is hulle voor die Teenwoordigheid van יהוה, want hulle het my vandag uitgedryf sodat ek geen verbintenis met die erfenis van יהוה het nie deurdat hulle sê: "Gaan, dien ander gode!"
- 20 Nou dan, moenie my bloed op die grond laat val ver van die Teenwoordigheid van יהוה nie, want die koning van Yisra'el het uitgekom om een vlooi te soek, net soos 'n man 'n patrys in die berge agtervolg."
- 21 Toe sê Sha'ul: "Ek het gesondig; kom terug, my seun Dawid, want ek sal jou nie weer kwaad aandoen nie omdat my lewe vandag kosbaar was in jou oë; let op, ek het dwaas gehandel en 'n groot fout gemaak."
- 22 Dawid antwoord: "Let op, die spies van die koning! Laat nou een van die jongmanne oorkom en dit haal.
- 23 יהוה sal elkeen terugbetaal vir sy onpartydige opregtheid en vir sy getrouheid, want יהוה het u vandag in my hand oorgegee, maar ek het geweier om my hand teen die gesalfde van יהוה uit te steek.
- 24 Let nou op, soos u lewe vandag in my oë as kosbaar beskou is, mag so my lewe kosbaar geag word in die oë van יהוה en mag Hy my bevry uit elke benoudheid."
- 25 Toe sê Sha'ul vir Dawid: "Geseënd is jy, my seun Dawid! Jy sal baie verrig en sekerlik seëvier." Dawid het op sy pad gegaan en Sha'ul het na sy plek toe teruggekeer.
- 27** 1 Toe het Dawid by homself gesê: "Nou, ek sal eendag omkom deur die hand van Sha'ul. Daar is vir my niks beter as om te ontsnap na die land van die F'lishtyne nie. Sha'ul sal dan hoop opgee in sy soeke na my in die hele grondgebied van Yisra'el en ek sal uit sy hand ontsnap."
- 2 Dawid en die ses honderd man wat by hom was, het opgestaan en oorgegaan na Akhish, die seun van Ma'okh, die koning van Gat.

- 3 Dawid het by Akhish, in Gat, gebly, hy en sy manne, elkeen met sy huishouding; Dawid met sy twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel.
- 4 Dit is aan Sha'ul vertel dat Dawid na Gat gevlug het. Hy het dus nie verder na hom gesoek nie.
- 5 Toe het Dawid vir Akhish gesê: "As ek guns in u oë gevind het, laat hulle vir my 'n plek gee in een van die plattelandse stede dat ek daar kan woon, want waarom sou u dienskneg in die koninklike stad by u woon?"
- 6 Akhish het vir hom Ziklag gegee op dié dag; daarom het Ziklag aan die konings van Y'hudah behoort tot vandag toe.
- 7 Die hoeveelheid dae wat Dawid in die land van die F'lishtyne gebly het, was 'n jaar en vier maande.
- 8 Dawid en sy manne het opgegaan en die G'shuriete, die Gizriete en die 'Amalekiete aangeval, want hulle was van ouds af die bewoners van die land, soos jy by Shur kom en so ver as die land van Mitzrayim.
- 9 Dawid het die land aangeval en nie 'n man of vrou laat lewe nie en hy het die skape, beeste, donkies, kamele en klere weggevat. Toe het hy teruggegaan en by Akhish gekom.
- 10 Akhish het gesê: "Waar het julle vandag 'n aanval geloots?" Dawid het gesê: "Teen die Suidland (Negev) van Y'hudah, teen die Suidland van die Yeragme'eliete en teen die Suidland van die Keiniete.
- 11 Dawid het nie 'n man of vrou laat lewe om dié na Gat te bring nie, want hy het gedink: "Anders sal hulle aangaande ons vertel en sê: 'So het Dawid gedoen en dit was sy manier al die dae wat hy in die land van die F'lishtyne gebly het.'"
- 12 Akhish het Dawid vertrou en gesê: "Hy het homself sekerlik gehaat gemaak by sy mense, Yisra'el; daarom sal hy vir altyd my dienskneg word."

28 1 Nou, dit het gebeur in daardie dae dat die F'lishtyne hulle gewapende leërs bymekaargemaak het vir oorlog, om teen Yisra'el te veg en Akhish het vir Dawid gesê: "Weet verseker dat jy saam met my sal uitgaan in die kamp, jy en jou manne."

- 2 Dawid sê vir Akhish: "Goed, u sal weet wat u dienskneg kan doen." Akhish sê vir Dawid: "Goed, ek sal jou lewenslank my lyfwag maak."
- 3 Sh'mu'el was dood en die hele Yisra'el het oor hom gerou en hom begrawe in Ramah, sy eie stad. Sha'ul het die mediums en die waarsêers uit die land verwyder.
- 4 Die F'lishtyne het bymekaargekom en gekom en gekamp in Shunem. Sha'ul het die hele Yisra'el bymekaargemaak en hulle het in Gilboa gekamp.
- 5 Toe Sha'ul die kamp van die F'lishtyne sien, het hy bang geword en sy binneste het baie gebewe.
- 6 Toe Sha'ul יְהוָה geraadpleeg het, het יְהוָה hom nie geantwoord nie, nie deur drome nie, ook nie deur die Urim nie en ook nie deur die profete nie.
- 7 Toe sê Sha'ul vir sy diensknegte: "Soek vir my 'n vrou wat 'n medium is dat ek na haar toe kan gaan en haar raadpleeg." Sy dienaars sê vir hom: "Let op, daar is 'n vrou in 'Ein-Dor wat 'n medium is."

- 8 Toe het Sha'ul hom vermom deur ander klere aan te trek en gegaan, hy en twee manne saam met hom en in die nag by die vrou aangekom en hy het gesê: "Roep asseblief vir my op en laat vir my opkom die een wat ek vir jou sal noem."
- 9 Die vrou sê egter vir hom: "Let op, jy weet wat Sha'ul gedoen het; hoe hy die mediums en waarsêers uitgesny het uit die land uit. Waarom stel jy dan 'n val vir my lewe om my dood te maak?" Deut 18:11,12
- 10 Sha'ul het vir haar by יהוה gesweer en gesê: "So waar as יהוה leef, geen straf sal oor jou kom hiervoor nie!"
- 11 Toe vra die vrou: "Wie moet ek vir jou laat opkom?" Hy het gesê: "Laat Sh'mu'el vir my opkom."
- 12 Toe die vrou Sh'mu'el sien, skreeu sy hardop en die vrou het met Sha'ul gepraat en gesê: "Waarom het u my bedrieg? Want u is Sha'ul."
- 13 Die koning antwoord haar: "Moenie bang wees nie, maar wat sien jy?" Die vrou sê vir Sha'ul: "Ek sien 'n goddelike wese uit die aarde opkom."
- 14 Hy vra haar toe: "Hoe is sy voorkoms?" Sy antwoord: "'n Ou man kom op met 'n mantel om." Sha'ul het geweet dat dit Sh'mu'el was en hy buig met sy gesig na die grond toe en betoon respek.
- 15 Toe sê Sh'mu'el vir Sha'ul: "Waarom steur jy my deur my te laat opkom?" Sha'ul antwoord: "Ek is baie benoud, want die F'lishtyne voer oorlog teen my en God het van my af weggegaan en antwoord my nie meer nie, nie deur profete nie en ook nie deur drome nie; daarom het ek u geroep om aan my bekend te maak wat ek moet doen."
- 16 Sh'mu'el het gesê: "Waarom vra jy my dan, aangesien יהוה van jou af weggegaan het en jou Teëstander geword het?"
- 17 יהוה het gedoen soos wat Hy deur my gepraat het, want יהוה het die koningskap uit jou hand geskeur en dit vir jou naaste, vir Dawid, gegee.
- 18 Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister en Sy intense wraak teen 'Amalek uitgevoer het nie; daarom het יהוה vandag hierdie ding aan jou gedoen.
- 19 Meer nog sal יהוה Yisra'el ook saam met jou in die hand van die F'lishtyne gee; daarom sal jy en jou seuns môre by my wees. Inderdaad sal יהוה die leer van Yisra'el in die hand van die F'lishtyne gee."
- 20 Sha'ul het dadelik in sy volle lengte op die grond geval en was baie bang as gevolg van die woorde van Sh'mu'el; daar was ook geen krag in hom nie, want hy het die hele dag en die hele nag geen kos geëet nie.
- 21 Die vrou het na Sha'ul toe gekom en gesien dat hy baie beangs was en sy sê vir hom: "Let op, u dienaars het u gehoorsaam en my lewe gewaag en na u woorde geluister wat u met my gepraat het.
- 22 Luister nou ook na die stem van u dienaars en laat ek vir u 'n stukkie brood voorsit dat u kan eet en krag hê wanneer u gaan."
- 23 Hy het egter geweier en gesê: "Ek sal nie eet nie." Sy diensknegte en die vrou het egter by hom aangedring en hy het na hulle geluister, opgestaan van die grond af en op die bed gaan sit.
- 24 Die vrou het 'n vetgemaakte kalf in die huis gehad en dit gou geslag en sy het meel gevat, dit geknie en ongesuurde brood daarvan gebak.

25 Sy het dit voor Sha'ul en sy diensknegte gebring en hulle het geëet. Toe het hulle opgestaan en daardie nag weggegaan.

29 1 Die F'lishtyne het al hulle leërmagte by Afek versamel terwyl Yisra'el gekamp het by die fontein wat in Yizre'el is.

2 Die meesters van die F'lishtyne het opgetrek in honderde en in duisende en Dawid en sy manne het in die agterhoede saam met Akhish opgetrek.

3 Toe vra die bevelvoerders van die F'lishtyne: "Wat soek hierdie Hebreërs?" Akhish sê vir die bevelvoerders van die F'lishtyne: "Is dit nie Dawid, die dienskneg van Sha'ul, die koning van Yisra'el, wat al 'n jaar en 'n paar maande by my is, sonder dat ek iets fout in hom gevind het van die dag af dat hy oorgeloop het, tot vandag toe, nie?"

4 Die bevelvoerders van die F'lishtyne was kwaad vir hom en die bevelvoerders van die F'lishtyne het vir hom gesê: "Laat die man teruggaan sodat hy kan teruggaan na die plek wat u vir hom gegee het en laat hom nie saam met ons in die geveg afgaan nie, of hy sal in die geveg ons teëstander word, want waarmee kan hierdie man hom aanvaarbaar maak by sy meester? Sal dit nie wees met die koppe van hierdie manne nie?"

5 Is dit nie Dawid nie, van wie hulle in die koordanse gesing en gesê het: "Sha'ul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende?"

6 Toe het Akhish vir Dawid geroep en vir hom gesê: "So waar as יהוה leef, jy was opreg en jou uitgang en jou ingang in die leër saam met my is goed in my oë, want ek het geen kwaad in jou gevind van die dag af dat jy na my gekom het tot vandag toe nie. Nogtans, is u nie aanvaarbaar in die oë van die bevelvoerders nie.

7 Draai daarom nou terug en gaan in vrede dat u nie die bevelvoerders van die F'lishtyne ontevrede maak nie."

8 Dawid sê vir Akhish: "Maar wat het ek gedoen? Of wat het u in u dienskneg gevind van die dag af dat ek voor u gekom het tot vandag toe dat ek nie mag gaan veg teen die vyande van my meester die koning nie?"

9 Akhish het Dawid egter geantwoord: "Ek weet dat jy goed is in my oë soos 'n boodskapper van God, nogtans het die bevelvoerders van die F'lishtyne gesê: 'Hy mag nie saam met ons opgaan in die geveg nie.'

10 Nou dan, staan vroeg op saam met die diensknegte van jou meester wat saam met jou gekom het en vertrek met dagbreek."

11 Dawid het vroeg opgestaan, hy en sy manne, om in die oggend weg te gaan, om terug te gaan na die land van die F'lishtyne. Die F'lishtyne het opgegaan na Yizre'el.

30 1 Toe het dit gebeur toe Dawid en sy manne op die derde dag by Ziklag aankom, dat die 'Amalekiete 'n inval in die Negev en in Ziklag geloots het en hulle het Ziklag verslaan en dit met vuur verbrand.

2 Hulle het die vroue en almal wat daarin was, gevange geneem, beide klein en groot, sonder om enige iemand dood te maak, hulle weggevoer en verder gegaan.

3 Toe Dawid en sy manne by die stad kom, let op, was dit met vuur verbrand en hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters is gevange geneem.

- 4 Toe het Dawid en die manne wat by hom was, hulle stem verhef en gehuil totdat daar geen krag meer in hulle was om te huil nie.
- 5 Dawid se twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel, is gevange geneem.
- 6 Meer nog, Dawid was baie benoud, want die manne het gepraat daarvan om hom te stenig, want al die manne was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters, maar Dawid het homself versterk in יהוה, sy God.
- 7 Toe sê Dawid vir Avyatar, die priester, die seun van Agimelekh: "Bring asseblief vir my die skouerkleed." Avyatar het die skouerkleed na Dawid toe gebring.
- 8 Dawid het יהוה geraadpleeg en gesê: "Sal ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?" Hy sê vir hom: "Agtervolg, want jy sal hulle sekerlik inhaal en jy sal sekerlik almal red."
- 9 Dawid het gegaan, hy en die ses honderd man wat by hom was en by die spruit B'sor gekom, waar sommige agtergebly het.
- 10 Dawid het hulle agtervolg, hy en vier honderd man, want twee honderd man, wat te moeg was om deur die spruit B'sor te trek, het agtergebly.
- 11 Hulle het 'n Mitzrayimiet in die veld gevind wat hulle na Dawid gebring het, vir hom brood gegee wat hy geëet het en water om te drink.
- 12 Hulle het vir hom 'n stuk vyekoek en twee rosynekoeke gegee en hy het geëet; toe het sy gees ontwaak, want hy het geen brood geëet of water gedrink vir drie dae en drie nagte nie.
- 13 Dawid vra vir hom: "Aan wie behoort jy en waar kom jy vandaan? Hy sê: "Ek is 'n jongman van Mitzrayim, die slaaf van 'n Amalekiet en my meester het my laat agterbly toe ek drie dae gelede siek geword het.
- 14 Ons het 'n inval gedoen in die Suidland van die K'retiërs, in dié van Y'hudah, in die Suidland van Kalev en Ziklag met vuur verbrand.
- 15 Toe vra Dawid vir hom: "Sal jy my afbring na hierdie bende toe?" Hy sê: "Sweer vir my by God dat u my nie sal doodmaak en my nie sal uitlewer in die hand van my meester nie en ek sal u afbring na hierdie bende toe."
- 16 Toe hy hom afgebring het, let op, is hulle oor die hele land verstrooi, besig om te eet, te drink en te dans as gevolg van die groot buit wat hulle uit die land van die F'lishtyne en uit die land van Y'hudah gevat het.
- 17 Dawid het hulle verslaan van die aandskemer af tot die aand van die volgende dag en nie een man van hulle het ontsnap nie, behalwe vier honderd jongmanne wat op kamele gery en gevlug het.
- 18 So het Dawid alles herwin wat die Amalekiete gevat het en sy twee vroue gered.
- 19 Niks van hulle was weg nie, klein of groot, seuns of dogters, buit of niks van alles wat hulle vir hulleself gevat het nie; Dawid het alles teruggebring.
- 20 Dawid het al die kleinvee en beeste afgevat. Hulle het hul voor die ander vee uitgedryf en gesê: "Dit is Dawid se buit."
- 21 Toe Dawid by die twee honderd man kom wat te moeg was om agter Dawid aan te gaan, wat hulle by die spruit B'sor laat agterbly het, kom hulle uit om vir Dawid en die manne wat by hom was, te ontmoet. Dawid het met die manne nadergekom en hulle gegroet.

- 22 Toe het al die slegte mense en deugniete uit die manne wat saam met Dawid gegaan het, gesê: “Omdat hulle nie saam met ons gegaan het nie, sal ons nie vir hulle enige van die buit gee wat ons afgeneem het nie, behalwe vir elke man sy vrou en sy kinders sodat hy hulle kan wegvat.”
- 23 Toe sê Dawid: “Julle moenie so maak met wat יהוה vir ons gegee het nie, my broers, Hy het ons bewaar en die bende wat ons oorval het, in ons hand gegee.
- 24 Wie sal in hierdie saak na julle luister? Want soos die gedeelte is van dié wat in die geveg aftrek, so is ook die gedeelte van die wat by die pakgoed bly; hulle sal gelykop deel.” Num 31:27
- 25 So is dit dan van dié dag af aan gewees. Hy het dit as 'n instelling en 'n regverdige oordeel vir Yisra'el gemaak tot vandag toe.
- 26 Toe Dawid in Ziklag kom, het hy buit aan die oudstes van Y'hudah, sy vriende, gestuur en gesê: “Let op, 'n geskenk vir julle uit die buit van die vyande van יהוה:
- 27 aan dié wat in Beit-El is; aan dié wat in Ramot van die Suidland is; aan dié wat in Yattir is;
- 28 aan dié wat in 'Aro'er is; aan dié wat in Sifmot is; aan dié wat in Esht'moa is;
- 29 aan dié wat in Rakhal is; aan dié wat in die stede van die Yeragme'eliete is; aan dié wat in die stede van die Keiniete is;
- 30 aan dié wat in Hormah is; aan dié wat in Kor-'Ashan is; aan dié wat in Atag is;
- 31 aan dié wat in Hebron is en aan al die plekke waar Dawid self en sy manne, gewoond was om te gaan.

- 31** 1 Die F'lishtyne het teen Yisra'el geveg en die manne van Yisra'el het voor die F'lishtyne weggevlug en neergeslaan gelê op die berg Gilboa.
- 2 Die F'lishtyne het Sha'ul en sy seuns ingehaal en die F'lishtyne het Y'honatan, Avinadav en Malkishua, die seuns van Sha'ul, doodgemaak.
- 3 Die geveg het hewig teen Sha'ul verloop en die boogskutters het hom getref en hy is ernstig deur hulle gewond.
- 4 Toe sê Sha'ul vir sy wapendraer: “Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom die onbesnedenes en deurboor my en skeer gek met my.” Sy wapendraer wou egter nie omdat hy baie bang was. Sha'ul vat toe sy swaard en val daarin.
- 5 Toe sy wapendraer sien dat Sha'ul dood is, het hy ook in sy swaard geval en saam met hom gesterf.
- 6 So het Sha'ul met sy drie seuns, sy wapendraer en al sy manne op dieselfde dag gesterf.
- 7 Toe die manne van Yisra'el wat aan die anderkant van die vallei was en dié wat anderkant die Yarden was, sien dat die manne van Yisra'el gevlug het en dat Sha'ul en sy seuns dood is, het hulle die stede verlaat en gevlug. Toe het die F'lishtyne gekom en daarin gaan woon.
- 8 Dit het gebeur op die volgende dag, toe die F'lishtyne gekom het om dié wat dood is te plunder, dat hulle Sha'ul en sy drie seuns dood op die berg Gilboa kry.
- 9 Hulle het sy kop afgekap en sy wapens afgestroop en dit in die land van die F'lishtyne rondgestuur om die blye boodskap te bring in die huise van hulle afgode en aan die volk.

- 10 Hulle het sy wapens in die tempel van `Ashtarot gesit en sy lyk teen die muur van Beit-Shan vasgeslaan.
- 11 Toe die inwoners van Yavesh-Gil'ad hoor wat die F'lishtyne aan Sha'ul gedoen het,
- 12 het al die dapper manne opgestaan en die hele nag deur geloop en die liggame van Sha'ul en die liggame van sy seuns van die muur van Beit-Shan afgehaal en by Yavesh gekom en hulle daar verbrand.
- 13 Hulle het hul bene gevat en hulle onder die eikeboom in Yavesh begrawe en sewe dae lank gevas.

Die negende boek van die Verbond (Tanakh)

Die vierde boek van die Profete

Die vierde boek van die Vroeëre Profete

Sh'mu'el Beit

(2 Samuel)

(שמואל - Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is die Magtige
God
of - deur die Magtige God gehoor)

Sh'mu'el Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die skrywer(s) van die boeke van Sh'mu'el was bes
moontlik Sh'mu'el, Gad en Natan. Sh'mu'el het die eerste
24 hoofstukke van die eerste boek geskryf; Gad, Dawid
se vriend, het die geskiedenis voortgesit en Natan het dit
voltooi en saamgestel.

- 1 Dit het gebeur ná die dood van Sha'ul, toe Dawid terug was nadat die `Amalekiete verslaan is, dat Dawid twee dae in Ziklag gebly het.
- 2 Let op, op die derde dag kom 'n man uit Sha'ul se kamp, met geskeurde klere en stof op sy kop. Dit het gebeur dat, toe hy by Dawid kom, hy op die grond neerval en op sy gesig gaan lê.
- 3 Toe vra Dawid vir hom: "Van waar af kom jy?" Hy antwoord hom: "Ek het ontsnap uit die kamp van Yisra'el."
- 4 Dawid sê vir hom: "Hoe het dit gegaan? Vertel my asseblief." Hy antwoord: "Die manne het van die geveg af gevlug en baie van die manne het geval en is dood en Sha'ul en sy seun Y'honatan is ook dood."
- 5 Dawid vra die jongman wat vir hom die boodskap gebring het: "Hoe weet jy dat Sha'ul en sy seun Y'honatan dood is?"
- 6 Die jongman wat vir hom die boodskap gebring het, antwoord: "Ek was toevallig op die berg Gilboa en let op, Sha'ul het op sy spies geleun en die strydwaens en perderuiters was op hom.
- 7 Toe hy omkyk, het hy my gesien en na my geroep. Ek het gesê: 'Hier is ek.'
- 8 Hy het vir my gevra: 'Wie is jy?' Ek het hom geantwoord: 'Ek is 'n `Amalekiet.'
- 9 Toe sê hy vir my: 'Staan asseblief langs my en maak my dood, want 'n bangsteid het my beetgepak omdat my lewe nog in my talm.'
- 10 Ek het langs hom gaan staan en hom doodgemaak, want ek het geweet dat hy nie ná sy val sou kon leef nie. Ek het die kroon wat op sy kop was en die armband wat om sy arm was, gevat en dit hier na my meester toe gebring."
- 11 Toe gryp Dawid sy klere en skeur dit en so ook al die manne wat by hom was.
- 12 Hulle het tot die aand toe oor Sha'ul en oor sy seun Y'honatan en vir die volk van יהודה en vir die huis van Yisra'el gerou, gehuil en gevas omdat hulle deur die swaard geval het.
- 13 Dawid vra vir die jongman wat hom vertel het: "Waar kom jy vandaan?" Hy antwoord: "Ek is die seun van 'n vreemdeling, 'n `Amalekiet." Eks 17:8; 1 Sh'm 15:2-
- 14 Toe sê Dawid vir hom: "Hoe is dit dat jy nie bang was om jou hand uit te steek om die gesalfde van יהודה dood te maak nie?"
- 15 Dawid roep een van die jongmanne en sê: "Gaan, slaan hom neer!" Hy het hom neergeslaan en hy is dood.
- 16 Dawid het vir hom gesê: "Jou bloed is op jou kop, want jou mond het teen jou getuig omdat jy sê: "Ek het die gesalfde van יהודה doodgemaak."
- 17 Toe het Dawid hierdie klaaglied geneurie oor Sha'ul en sy seun Y'honatan
- 18 en hy het beveel dat 'die Lied van die Boog' vir die seuns van Y'hudah geleer moet word; let op, dit is geskryf in die Boek van Yashar.
- 19 Jou eer en lof, o Yisra'el, lê dood op jou hoë plekke.
Hoe het die helde geval!
- 20 Moenie daarvan praat in Gat nie;
moet dit nie verkondig op die strate van Ashkelon nie,
anders sal die dogters van die F'lishtyne hulle verheug,
die dogters van die onbesnedenes sal juig!

- 21 Berge van Gilboa, mag daar op julle
geen dou, geen reën en geen velde van offergawes wees nie,
want daar is die skild van die magtiges beswadder,
die skild van Sha'ul nie met olie gesalf nie!
- 22 Vanaf die bloed van die gesneuweldes, vanaf die vet van die magtiges
het die boog van Y'honatan nie teruggedraai nie
en die swaard van Sha'ul het nie leeg teruggekeer nie.
- 23 Sha'ul en Y'honatan, geliefdes en aangenaam in hulle lewe
en in hulle dood is hulle nie geskei nie.
Vinniger as arende was hulle, sterker as leeus.
- 24 Dogters van Yisra'el, huil oor Sha'ul
wat julle weelderig met skarlaken bekleed het,
wat goue versiersels op julle klere gesit het.
- 25 Hoe het die helde geval te midde van die geveg!
Y'honatan lê verslaan op jou hoë plekke.
- 26 Ek is ontsteld oor jou, my broer Y'honatan!
Jy was baie aangenaam vir my;
jou liefde vir my was wonderliker
as die liefde van vroue.
- 27 Hoe het die magtiges geval
en is die oorlogswapens vernietig!
- 2 1 Daarna het dit gebeur dat Dawid דָּוִד geraadpleeg en gevra het: "Sal ek opgaan na een van die stede van Y'hudah?" דָּוִד het hom geantwoord: "Gaan op." Dawid sê toe: "Waarheen moet ek opgaan?" Hy antwoord: "Na Hevron."
- 2 Dawid het daarheen opgegaan, asook sy twee vroue, Agino'am uit Yizre'el en Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel.
- 3 Dawid het sy manne wat by hom was, laat opkom, elkeen met sy huishouding en hulle het in die stede van Hevron gebly.
- 4 Toe het die manne van Y'hudah gekom en Dawid daar as koning oor die huis van Y'hudah gesalf en vir Dawid vertel en gesê: "Dit was die manne van Javesh-Gil'ad wat Sha'ul begrawe het."
- 5 Dawid het boodskappers na die manne van Javesh-Gil'ad gestuur en vir hulle gesê: "Mag julle geseënd wees deur דָּוִד omdat julle hierdie omgee bewys het aan Sha'ul, julle meester en hom begrawe het.
- 6 Mag דָּוִד julle nou liefdevolle omgee en waarheid bewys en ek self sal ook hierdie goedheid aan julle bewys omdat julle hierdie ding gedoen het;
- 7 daarom, laat julle hande onveranderlik sterk wees en wees dapper, want Sha'ul, julle meester is dood en ook het die huis van Y'hudah my as koning oor hulle gesalf."
- 8 Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van Sha'ul se leër, het egter vir Ish-Boshet, Sha'ul se seun, gevat en hom oorgebring na Maganayim.
- 9 Hy het hom koning gemaak oor Gil'ad, oor die Ashuriëte, oor Yizre'el, oor Efrayim, oor Binyamin en oor die hele Yisra'el.

- 10 Ish-Boshet, Sha'ul se seun, was veertig jaar oud toe hy koning geword het oor Yisra'el en hy was koning vir twee jaar. Die huis van Y'hudah het egter vir Dawid gevolg.
- 11 Die tyd wat Dawid koning was in Hevron oor die huis van Y'hudah, was sewe jaar en ses maande.
- 12 Avner, die seun van Ner, met die diensknegte van Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, het vanuit Maganayim na Giv'on gegaan.
- 13 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, met die diensknegte van Dawid het uitgegaan en hulle ontmoet by die poel van Giv'on en hulle het gaan sit, een aan die een kant van die poel en een aan die ander kant.
- 14 Toe sê Avner vir Yo'av: "Laat die jongmanne nou opstaan en 'n kompetisie voor ons hou." Yo'av sê: "Laat hulle opstaan."
- 15 Toe het hulle opgestaan en volgens getal oorgegaan: twaalf is vir Binyamin en Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, afgetel en twaalf van die diensknegte van Dawid.
- 16 Elkeen van hulle het die ander aan die kop gegryp en sy swaard in sy opponent se sy gesteek sodat hulle saam geval het; daarom noem hulle dié plek Helkat-Hatzurim, wat by Giv'on is.
- 17 Daardie dag was die geveg baie hewig en Avner en die manne van Yisra'el is verslaan voor die diensknegte van Dawid.
- 18 Die drie seuns van Tz'ruyah was daar: Yo'av, Avishai en 'Asah'el. 'Asah'el was so vlugvoetig soos een van die bokke wat in die veld is.
- 19 'Asah'el het Avner agtervolg en het nie regs of links afgedraai om Avner te agtervolg nie.
- 20 Toe kyk Avner agter hom om en sê: "Is dit jy, 'Asah'el?" Hy antwoord: "Dit is ek."
- 21 Avner sê vir hom: "Draai uit na jou regter- of linkerhand en gryp vir jou een van die jongmanne vir jouself en vat sy buit vir jouself." 'Asah'el was egter nie gewillig om weg te draai daarvan om hom te volg nie.
- 22 Avner herhaal weer vir 'Asah'el: "Draai weg daarvan om my te volg. Hoekom moet ek jou teen die grond slaan? Hoe kan ek dan my gesig ophig om jou broer Yo'av in die gesig te kyk?"
- 23 Hy het egter geweier om weg te draai; daarom het Avner hom met die agterkant van die spies in die onderlyf gesteek sodat die spies agter hom uitgekom het en hy daar neergeval en op die plek gesterf het. Dit het gebeur dat almal wat aangekom het by die plek waar 'Asah'el geval en gesterf het, stilgestaan het,
- 24 maar Yo'av en Avishai het Avner agtervolg en toe die son ondergaan het hulle by die heuwel van Ammah gekom wat voor Giag lê, op die wildernispad van Giv'on.
- 25 Die seuns van Binyamin het agter Avner bymekaargekom en een groep geword en hulle het op die top van 'n sekere heuwel gestaan.
- 26 Toe roep Avner na Yo'av en sê: "Moet die swaard vir ewig verteer? Weet jy nie dat dit bitter sal wees aan die einde nie? Hoe lank gaan jy terughou om aan die manne te sê dat hulle moet terugdraai daarvan om hulle broers te volg?"
- 27 Yo'av antwoord: "So waar as God leef, as jy nie gepraat het nie, sou die manne sekerlik in die oggend weggegaan het, elkeen daarvan om sy broer te volg."

- 28 Toe blaas Yo'av op die ramshoring en al die manne het stilgestaan en Yisra'el nie langer gevolg nie en ook nie aangehou veg nie.
- 29 Avner en sy manne het toe daardie hele nag deur die Vlakte gegaan en deur die Yarden getrek, die hele oggend geloop en by Maganayim gekom.
- 30 Toe het Yo'av teruggekom daarvan om Avner te agtervolg. Toe hy al die manne bymekaargemaak het, was daar negentien van Dawid se diensknegte, behalwe vir 'Asah'el, weg,
- 31 maar die diensknegte van Dawid het baie van Binyamin en Avner se manne neergeslaan sodat drie honderd en sestig man gesterf het.
- 32 Hulle het 'Asah'el opgeneem en hom in die graf van sy vader, wat in Beit-Legem was, begrawe. Toe het Yo'av en sy manne die hele nag getrek totdat die dag in Hevron gebreek het.
- 3** 1 Daar was 'n lang oorlog tussen die huis van Sha'ul en die huis van Dawid en Dawid het stadigaan sterker geword, maar die huis van Sha'ul het voortdurend swakker geword.
- 2 Daar is in Hevron seuns vir Dawid gebore. Sy eersgeborene was Amnon, by Agino'am van Yizre'el;
- 3 en sy tweede was Kaleb, by Avigayil, die weduwee van Naval, van Karmel en die derde was Avshalom, die seun van Ma'akhah, die dogter van Talmai, die koning van G'shur
- 4 en die vierde Adoniyah, die seun van Haggit en die vyfde Sh'fatyah, die seun van Avital
- 5 en die sesde Yitre'am, by Dawid se vrou 'Eglah. Hierdie is vir Dawid in Hevron gebore.
- 6 Dit het gebeur terwyl daar oorlog was tussen die huis van Sha'ul en die huis van Dawid dat Avner homself sterk gemaak het in die huis van Sha'ul.
- 7 Sha'ul het 'n byvrou gehad wie se naam Ritzpah was, die dogter van Ayah en Ish-Boshet het vir Avner gesê: "Waarom het jy by die byvrou van my vader ingegaan?"
- 8 Toe was Avner baie kwaad oor die woorde van Ish-Boset en het gesê: "Is ek 'n hondekop wat aan Y'hudah behoort? Vandag bewys ek guns aan die huis van Sha'ul, jou vader, aan sy broers en aan sy vriende en het jou nie in die hand van Dawid oorgegee nie en tog beskuldig jy my vandag van skuld met 'n vrou?"
- 9 Mag God so aan Avner doen en nog meer, soos יהוה aan Dawid met 'n eed beloof het, as ek dit nie vir hom doen nie,
- 10 om die koningskap van die huis van Sha'ul oor te dra en die troon van Dawid vas te stel oor Yisra'el en oor Y'hudah, van Dan tot by Be'er-Sh'va."
- 11 Hy kon Avner verder nie 'n woord antwoord nie omdat hy vir hom bang was.
- 12 Toe stuur Avner boodskappers na Dawid in sy plek om te sê: "Aan wie behoort die land? Sluit u verbond met my en let op, my hand sal met u wees om die hele Yisra'el na u toe oor te bring."
- 13 Hy het gesê: "Goed, ek sal met jou 'n verbond sluit, maar een ding eis ek van jou, naamlik, jy sal nie my gesig sien as jy nie eers vir Mikhal, die dogter van Sha'ul, bring wanneer jy my kom sien nie."

- 14 Dawid het boodskappers na Ish-Boshet, Sha'ul se seun gestuur, om te sê: "Gee vir my my vrou Mikhal, aan wie ek verloof was vir tweehonderd voorhuide van die F'lishtyne."
- 15 Ish-Boshet het gestuur en haar van haar man, Palti'el, die seun van Layish, weggevat,
- 16 maar haar man het saam met haar gegaan, al huilende op pad en haar gevolg tot by Bagurim. Toe sê Avner vir hom: "Gaan terug." Hy het daarop teruggegaan.
- 17 Avner het met die oudstes van Yisra'el beraadslag en gesê: "In die verlede het julle begeer dat Dawid koning moes wees oor julle.
- 18 Doen dit dan nou, want יהוה het van Dawid gepraat en gesê: 'Deur die hand van My kneg Dawid sal Ek My volk Yisra'el uit die hand van die F'lishtyne en uit die hand van al hulle vyande red.'"
- 19 Avner het ook voor die ore van Binyamin gepraat en Avner het ook gegaan om voor die ore van Dawid in Hevron te praat van alles wat goed was vir Yisra'el en vir die hele huis van Binyamin.
- 20 Toe het Avner en twintig man saam met hom, by Dawid in Hevron gekom en Dawid het 'n fees berei vir Avner en die manne wat by hom was.
- 21 Avner het vir Dawid gesê: "Laat my opstaan en die hele Yisra'el by my meester die koning gaan versamel sodat hulle met u 'n verbond kan sluit en dat u koning kan wees oor alles wat u verstand, wil en emosie begeer." Dawid het vir Avner weggestuur en hy het in vrede gegaan.
- 22 Let op, die diensknegte van Dawid en Yo'av het van 'n rooftog af gekom en baie buit saam met hulle gebring, maar Avner was nie meer by Dawid in Hevron nie, want dié het hom weggestuur en hy het in vrede gegaan.
- 23 Toe Yo'av en die hele leër wat saam met hom was, arriveer, het hulle vir Yo'av vertel en gesê: "Avner, die seun van Ner, het na die koning toe gekom en dié het hom weggestuur en hy het in vrede gegaan."
- 24 Toe kom Yo'av by die koning en sê: "Wat het u gedoen? Let op, Avner het na u toe gekom; waarom het u hom dan weggestuur en hy is reeds weg?"
- 25 U ken vir Avner, die seun van Ner, dat hy gekom het om u te mislei en om te leer van u uitgang en u ingang en om alles uit te vind wat u doen."
- 26 Toe Yo'av uitkom by Dawid, het hy boodskappers agter Avner aan gestuur en hulle het hom teruggebring van die put van Sirah Hassira af, maar Dawid het dit nie geweet nie.
- 27 Toe Avner na Hevron terugkom, het Yo'av hom eenkant toe gevat na die middel van die poort om vertroulik met hom te praat en hom daar in die maag gesteeke sodat hy gesterf het vir die bloed van sy broer 'Asah'el.
- 28 Agterna, toe Dawid dit hoor, het hy gesê: "Ek en my koninkryk is voor יהוה vir ewig onskuldig aan die bloed van Avner, die seun van Ner.
- 29 Mag dit val op die kop van Yo'av en op sy vader se hele huis en mag die huis van Yo'av nie vry wees van een wat 'n vloeiing het of wat melaats is of wat op krukke loop of wat deur die swaard val of gebrek aan brood het nie."
- 30 Yo'av en sy broer, Avishai, het Avner vermoor omdat hy hulle broer 'Asah'el in die geveg by Giv'on gedood het.

- 31 Toe sê Dawid aan Yo'av en aan al die mense wat by hom was: "Skeur julle klere en gord rouklere aan en rouklaag oor Avner!" Koning Dawid het agter die draagbaar geloop.
- 32 So het hulle Avner in Hevron begrawe en die koning het sy stem opgelig en gehuil by die graf van Avner en die hele volk het gehuil.
- 33 Die koning het 'n klaaglied oor Avner gesing en gesê: "Moes Avner sterf soos 'n dwaas sterf?"
- 34 Jou hande was nie vasgebind en jou voete ook nie in kettings gesit nie. Soos 'n mens voor die bose val, het jy geval." Die hele volk het weer oor hom gehuil.
- 35 Toe het die hele volk gekom om Dawid te oortuig om brood te eet terwyl dit nog dag was, maar Dawid het gesweer en gesê: "Mag God so aan my doen en ook meer, as ek brood of enige iets proe voor sonsondergang."
- 36 Al die mense het dit opgemerk en dit het hulle tevrede gestel, net soos alles wat die koning gedoen het, al die mense tevrede gestel het.
- 37 Al die mense en die hele Yisra'el het daardie dag verstaan dat dit nie van die koning af was om Avner, die seun van Ner, dood te maak nie.
- 38 Toe het die koning vir sy diensknegte gesê: "Weet julle nie dat 'n prins en 'n groot man vandag in Yisra'el geval het nie?"
- 39 Ek is vandag swak, alhoewel ek as koning gesalf is terwyl hierdie manne, die seuns van Tz'ruyah, te moeilik is vir my. Mag יהוה die kwaaddoener vergeld na sy boosheid!"
- 4** 1 Toe Ish-Boshet, die seun van Sha'ul, hoor dat Avner in Hevron gesterf het, het hy moed verloor en die hele Yisra'el was omgekrap.
- 2 Die seun van Sha'ul het twee manne, bevelvoerders van groepe, gehad: die naam van die een was Ba'anah en die naam van die ander Rekhav, seuns van Rimmon, die Be'erotiet, van die seuns van Binyamin, want Be'erot is ook as deel van Binyamin gereken.
- 3 Die Be'erotiete het na Gittayim gevlug en is vreemdelinge daar tot vandag toe.
- 4 Y'honatan, die seun van Sha'ul, het 'n seun gehad, lam aan sy voete. Hy was vyf jaar oud toe die tyding aangaande Sha'ul en Y'honatan uit Yizre'el gekom het en sy oppasser het hom opgetel en gevlug. Dit het gebeur in haar haastigheid om te vlug dat hy geval en lam geword het en sy naam was M'fivoshet.
- 5 Die seuns van Rimmon, die Be'erotiete, Ba'anah en Rekhav, het gegaan en by die huis van Ish-Boshet gekom op die warmste van die dag terwyl hy sy middagrus neem.
- 6 Hulle het na die middel van die huis gegaan en die seuns van boosheid het hom in die onderlyf gesteek en Ba'anah en Rekhav, sy broer, het ontsnap,
- 7 want toe hulle in die huis ingegaan het, het hy op sy bed in sy slaapkamer gelê. Hulle het hom doodgeslaan, sy kop afgekap en sy kop gevat en die hele nag lank deur die 'Aravah (vlakke) gevlug.

- 8 Toe het hulle die kop van Ish-Boshet na Dawid in Hevron gebring en vir die koning gesê: “Let op, die kop van Ish-Boshet, die seun van Sha’ul, u vyand, wat u lewe gesoek het; so het יהוה aan my meester die koning vandag wraak gegee op Sha’ul en sy nageslag.”
- 9 Dawid antwoord Ba’anah en Rekhav, sy broer, die seuns van Rimmon, die Be’erotiete en sê vir hulle: “So waar as יהוה leef wat my lewe uit alle benoudheid verlos het,
- 10 toe een my vertel en gesê het: ‘Let op, Sha’ul is dood’ en gedink het dat hy goeie nuus bring, het ek hom gegryp en hom in Ziklag doodgemaak, wat die beloning was wat ek hom gegee het vir die nuus.
- 11 Hoeveel te meer, as bese oortreders ’n opregte man in sy eie huis op sy bed vermoor, sal ek nie nou sy bloed van julle hand eis en julle van die aarde af vernietig nie?”
- 12 Toe het Dawid die jongmanne beveel en dié het hulle doodgemaak en hulle hande en voete afgekap en hulle opgehang langs die poel in Hevron, maar die kop van Ish-Boshet het hulle gevat en dit begrawe in die graf van Avner in Hevron.
- 5** 1 Toe kom al die stamme van Yisra’el na Dawid in Hevron en sê: “Let op, ons is u vlees en bloed!
- 2 Vroeër, toe Sha’ul koning oor ons was, was ú die een wat Yisra’el uit- en ingelei het en יהוה het vir u gesê: ‘Jy sal My volk Yisra’el oppas en jy sal ’n heerser wees oor Yisra’el’.”
- 3 So het al die oudstes van Yisra’el na die koning in Hevron gekom en koning Dawid het met hulle ’n verbond in Hevron gesluit voor die Teenwoordigheid van יהוה; toe het hulle Dawid as koning oor Yisra’el gesalf.
- 4 Dawid was dertig jaar oud toe hy koning geword het en het vir veertig jaar regeer.
- 5 In Hevron het hy vir sewe jaar en ses maande oor Y’udah regeer en in Yerushalayim het hy vir drie en dertig jaar oor die hele Yisra’el en Y’udah regeer.
- 6 Die koning en sy manne het na Yerushalayim gegaan, teen die Y’vusiete, die inwoners van die land. Hulle het vir Dawid gesê: “Jy sal nie hier inkom nie, selfs die blindes en lammes sal jou verslaan.” Hulle het gedink: “Dawid kan nie hier inkom nie.”
- 7 Nogtans het Dawid die vesting van Tziyon ingeneem; dit is, die stad van Dawid.
- 8 Dawid het op daardie dag gesê: “Wie ook al die Y’vusiete verslaan, laat hom die lammes en die blindes (Idiomaties), wat Dawid se verstand, wil en emosie haat, deur die waterkanaal bereik.” Hulle sê daarom: “Die blindes en lammes mag nie in die huis kom nie.”
- 9 Dawid het in die vesting gaan bly en dit ‘die stad van Dawid’ genoem en Dawid het rondom, van die vesting af na die binnekant, gebou.
- 10 Dawid het voortdurend groter geword, want יהוה-Tzva’ot, was by hom.
- 11 Toe stuur Hiram, die koning van Tzor, boodskappers na Dawid met sederhout, skrynwerkers en klipkappers en hulle het vir Dawid ’n huis gebou.
- 12 Dawid het besef dat יהוה hom as koning oor Yisra’el bevestig het en dat Hy sy koningskap opgelig het ter wille van Sy volk Yisra’el.
- 13 Intussen het Dawid meer byvroue en vroue vanaf Yerushalayim gevat nadat hy van Hevron af gekom het en nog seuns en dogters is vir Dawid gebore.

- 14 Hierdie is die name van dié wat vir hom in Yerushalayim gebore is: Shamua, Shovav, Natan, Shlomo,
- 15 Yivgar, Elishua, Nefeg, Yafia,
- 16 Elishama, Elyada en Elifelet.
- 17 Toe die F'lishtyne hoor dat hulle Dawid as koning oor Yisra'el gesalf het, het al die F'lishtyne opgetrek om Dawid te soek en toe Dawid daarvan hoor, het hy afgegaan na die vesting.
- 18 Die F'lishtyne het gekom en hulleself uitgesprei oor die vallei van Refa'im.
- 19 Toe het Dawid יהודה geraadpleeg en gesê: "Sal ek optrek teen die F'lishtyne? Sal U hulle in my hand gee?" יהודה het vir Dawid gesê: "Gaan op, want Ek sal die F'lishtyne verseker in jou hand gee."
- 20 Dawid het by Ba'al-P'ratzim gekom en hulle daar verslaan en gesê: "יהודה het voor my deur my vyande gebreek soos water deurbreek." Hy het daarom dié plek Ba'al-P'ratzim genoem.
- 21 Hulle het hul afgode daar agtergelaat en Dawid en sy manne het dit weggedra.
- 22 Die F'lishtyne het weer opgekom en hulleself uitgesprei oor die vallei van Refa'im.
- 23 Toe Dawid יהודה geraadpleeg het, het Hy gesê: "Jy moenie direk opgaan nie; gaan agter hulle om en val hulle aan voor die balsembome.
- 24 Dit sal wees dat wanneer jy die klank van 'n opmars in die toppe van die balsembome hoor, jy gou moet maak, want dan het יהודה voor jou uitgetrek om die leër van die F'lishtyne te verslaan."
- 25 Dawid het gedoen net soos יהודה hom beveel het en hy het die F'lishtyne neergeslaan vanaf Geva tot by Gezer.
- 6** 1 Dawid het weer die gekose manne in Yisra'el bymekaargemaak; dertig duisend.
- 2 Dawid het opgestaan en saam met al die manne wat by hom was na Ba'alei-Y'udah gegaan, om die ark van God, wat by die Naam genoem word, die Naam יהוה -Tzva'ot wat bo die géruks troon, daarvandaan te gaan haal.
- 3 Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa gesit om dit vanaf die huis van Avinadav, wat op die heuwel is, te bring. 'Uzah en Agyo, die seuns van Avinadav, het die nuwe wa gelei.
- 4 So het hulle dit met die ark van God vanaf die huis van Avinadav, wat op die heuwel is, gebring en Agyo het voor die ark geloop.
- 5 Intussen het Dawid en die hele huis van Yisra'el voor die Teenwoordigheid van יהוה fees gevier met allerhande soorte instrumente van dennehout, liere, harpe, tamboeryne, kastanjette en simbale.
- 6 Toe hulle egter by die dorsvloere kom, het 'Uzah sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het dit amper laat afval.
- 7 Die woede van יהוה het teen 'Uzah ontvlam en God het hom daar neergeslaan vir sy oneerbiedigheid en hy is daar by die ark van God dood.
- 8 Dawid het ontsteld geword, as gevolg van יהוה se uitbarsting teen 'Uzah en daardie plek is Peretz-'Uzah genoem, tot vandag toe.

- 9 Dawid was bang vir יהוה op daardie dag en hy het gesê: “Hoe kan die ark van יהוה na my toe kom?”
- 10 Dawid was nie gewillig om die ark van יהוה by hom in die stad van Dawid te laat inkom nie, maar Dawid het dit eenkant gevat na die huis van 'Oved-Edom, die Gittiet.
- 11 Dus het die ark van יהוה vir drie maande lank in die huis van 'Oved-Edom, die Gittiet, gebly en יהוה het 'Oved-Edom en sy hele huishouding geseën.
- 12 Dit is vir koning Dawid vertel en gesê: "יהוה het die huis van 'Oved-Edom en alles wat aan hom behoort, geseën ter wille van die ark van God." Dawid het gegaan en die ark van God met vreugde uit die huis van 'Oved-Edom in die stad van Dawid ingebring.
- 13 Dit was so: wanneer die draers van die ark van יהוה ses treë geloop het, het hy 'n bees en 'n vetgemaakte kalf geoffer.
- 14 Dawid het met alle mag voor die Teenwoordigheid van יהוה gedans en Dawid het 'n linne skouerkleed gedra. ^{1 Kro 15:27}
- 15 So het Dawid en die hele huis van Yisra'el die ark van יהוה met gejuig en die klank van die ramshoring gebring.
- 16 Toe het dit gebeur: soos die ark van יהוה die stad van Dawid ingekom het, het Mikhal, die dogter van Sha'ul, deur die venster gekyk en koning Dawid gesien spring en dans voor die Teenwoordigheid van יהוה en sy het hom in haar verstand, wil en emosie verag.
- 17 Hulle het die ark van יהוה ingebring en dit op sy plek neergesit binne-in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het en Dawid het brandoffers en vredesoffers geoffer voor יהוה.
- 18 Toe Dawid klaar die brandoffer en vredesoffers gebring het, het hy die volk in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה-Tzva'ot geseën.
- 19 Verder het hy aan al die mense, aan al die menigte van Yisra'el, aan elkeen, manne en vroue, 'n brood, 'n stuk vleis en 'n fyn witbrood uitgedeel. Toe het al die mense weggegaan, elkeen na sy huis. ^{1 Kro 16:3}
- 20 Toe Dawid egter terugkom om sy huishouding te seën, het Mikhal, die dogter van Sha'ul, uitgekom om Dawid te ontmoet en gesê: “Hoe het die koning van Yisra'el homself vandag onderskei! Hy het in die openbaar voor die oë van die slavinne van sy dienaars verskyn en homself sekerlik soos 'n nietige mens gedra!”
- 21 Dawid sê vir Mikhal: “Dit is voor יהוה, wat my gekies het bo jou vader en bo sy hele huis, om my as heerser aan te stel oor die volk van יהוה, oor Yisra'el; daarom sal ek voor יהוה feesvier!
- 22 Ek sal geringer geag word as dit en sal nederig wees in my eie oë, maar by die slavinne van wie jy gepraat het, by hulle sal ek onderskei word.”
- 23 Mikhal, die dogter van Sha'ul, het tot die dag van haar dood geen kind gehad nie.
- 7** 1 Dit het gebeur terwyl die koning in sy huis bly en יהוה hom rus gegee het van al sy vyande rondom hom,
- 2 die koning vir Natan, die profeet, sê: “Kyk nou, ék bly in 'n huis van sederhout, maar die ark van God bly in tentdoeke.”

- 3 Natan het vir die koning gesê: “Gaan, doen alles wat in u gedagtes is, want יהוה is by u,”
- 4 maar in dieselfde nag kom die boodskap van יהוה tot Natan en sê:
- 5 “Gaan en sê aan My dienskneg Dawid: So sê יהוה: ‘Is jy die een wat vir My ’n huis moet bou om in te woon?’
- 6 Ek het nie in ’n huis gebly van die dag af dat Ek die seuns van Yisra’el uit Mitzrayim gebring het tot vandag toe nie, maar Ek het rondgetrek in tente.
- 7 Waar Ek ook al saam met al die seuns van Yisra’el rondgetrek het, het Ek ’n woord gepraat met een van hulle wat Ek aangestel het om My volk Yisra’el te voed en gesê: ‘Hoekom het julle nie vir My ’n huis van sederhout gebou nie?’
- 8 Nou, daarom moet jy vir My dienskneg Dawid sê: So sê יהוה-Tzva’ot: ‘Ek het jou uit die weiveld, van agter die skape af, weggevat, om heerser te wees oor My volk, Yisra’el.
- 9 Ek was by jou oral waar jy gegaan het en het al jou vyande voor jou afgesny en Ek sal vir jou ’n groot naam (karakter en outoriteit) maak, soos die name van die groot manne wat op die aarde is.
- 10 Ek sal ook vir My volk Yisra’el ’n plek aanstel en hulle plant sodat hulle in hul eie plek kan bly in vrede en nie meer gepla word nie; ook sal bese manne hulle nie weer slawe maak, soos vroeër nie.
- 11 Selfs van die dag af dat Ek jou as regter oor My volk Yisra’el aangestel het, het Ek jou rus gegee van al jou vyande. יהוה verklaar ook teenoor jou dat יהוה vir jou ’n huis sal maak.
- 12 As jou dae voltooï is en jy by jou vaders neergelê word, sal Ek jou nageslag na jou op lig, wat uit jou liggaam sal voortkom en Ek sal sy koningskap bevestig. ^{Yog 7:42}
- 13 Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou en Ek sal die troon van sy koninkryk bevestig tot in ewigheid. ^{Hand 2:30}
- 14 Ek sal vir hom ’n Vader wees en hy sal vir My ’n seun wees; ^{2 Kor 6:18} wanneer hy ’n oortreding begaan, sal Ek hom straf met ’n roede van mense en met slae van ’n seun van ’n mens,
- 15 maar My liefdevolle goedheid sal nie van hom af weggaan soos wat Ek dit van Sha’ul, wie Ek voor jou verwyder het, af weggevat het nie.
- 16 Jou huis en jou koningskap sal voor My voortbestaan vir ewig; jou troon sal vasgestel word vir ewig.”
- 17 Volgens hierdie hele boodskap en hierdie hele visioen, so het Natan met Dawid gepraat.
- 18 Toe het Dawid, die koning, ingegaan en voor יהוה gesit en gesê: “Wie is ek en wat is my huis, יהוה-God, dat U my tot hiertoe gebring het?”
- 19 Tog was dit gering in U oë, יהוה-God, want U het ook aangaande die huis van U kneg in die verre toekoms gepraat. Hierdie is die gewoonte van mense, יהוה-God!
- 20 Weer, wat meer kan Dawid vir U sê? Want U het ’n verbondsverhouding met U dienskneg, יהוה-God.
- 21 Ter wille van U boodskap en volgens U wil en besluit het U al hierdie groot dinge gedoen, om U dienskneg te laat weet.

- 22 Om hierdie rede is U groot, יְהוָה-God, want daar is niemand soos U en daar is geen God behalwe U nie, volgens alles wat ons met ons ore gehoor het.
- 23 Watter enkel volk is soos U volk Yisra'el, wat God vir Homself as 'n volk bevry het om vir Homself 'n Naam te maak en om groot en ontsagwekkende dinge te doen op die aarde, soos Hy vroeër gedoen het vir U volk wat U bevry het vir Uself vanuit Mitzrayim, 'n volk wie se God U is?
- 24 Want U het vir Uself U volk Yisra'el bevestig as U eie volk vir ewig en U, יְהוָה, het vir hulle 'n God geword;
- 25 daarom nou, יְהוָה-God, bevestig die boodskap wat U aangaande U kneg en sy huis gesê het vir ewig en doen soos U gesê het
- 26 sodat U Naam (Karakter en Outoriteit) vir altyd groot kan wees deur te sê: “יְהוָה-Tzva'ot is God oor Yisra'el en mag die huis van U dienskneg Dawid vasgestel wees voor U Teenwoordigheid,
- 27 want U, יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, het aan U dienskneg 'n openbaring gemaak en gesê: “Ek sal vir jou 'n huis bou;” daarom het U dienskneg moed gevind om hierdie gebed tot U te bid.
- 28 Nou, יְהוָה-God, U is God, U boodskap is waarheid en U het hierdie goeie ding aan U dienskneg belowe. ^{Yog 17:17}
- 29 Nou, daarom, mag dit U behaag om die huis van U dienskneg te seën sodat dit vir ewig voor U Teenwoordigheid kan voortgaan, want U, יְהוָה-God, het gepraat en met U seën, mag die huis van U dienskneg vir ewig geseënd wees.”

- 8** 1 Hierna het Dawid die F'lishtyne verslaan en hulle onderwerp en Dawid het beheer oor die hoofstad gevat vanuit die hand van die F'lishtyne.
- 2 Hy het vir Mo'av verslaan en hulle gemeet met 'n lyn deur hulle op die grond te laat lê. Hy het twee mate gemeet om dood te maak en een volle maat om te laat lewe en die Mo'aviete het Dawid se diensknegte geword, wat belasting betaal. ^{Deut 2:9; Yes 15:5}
- 3 Toe het Dawid vir Hadad'ezer, die seun van Regov, die koning van Tzovah, verslaan, op sy pad om sy mag tot by die Eufraat te herstel.
- 4 (DSS en LXX) Dawid het een duisend strydwaens, sewe duisend perderuiters en twintig duisend voetsoldate van hom gevange geneem en Dawid het al die trekperde se hakskeenseninge afgesny, maar genoeg daarvan laat oorbly vir 'n honderd strydwaens.
- 5 Toe die Arameërs van Dammesek gekom het om Hadad'ezer, die koning van Tzovah, te help, het Dawid twee en twintig duisend Arameërs doodgemaak.
- 6 Toe het Dawid garnisoene tussen die Arameërs van Dammesek gesit en die Arameërs het diensknegte van Dawid geword, wat belasting betaal en יְהוָה het Dawid gehelp waar hy ook al gegaan het.
- 7 Dawid het die goue skilde gevat wat die diensknegte van Hadad'ezer gedra het en dit na Yerushalayim gebring.
- 8 Vanuit Betag en Berotai, stede van Hadad'ezer, het koning Dawid 'n groot hoeveelheid koper gevat.
- 9 Toe To'i, die koning van Hamat, hoor dat Dawid die hele leer van Hadad'ezer verslaan het,

- 10 stuur To'i sy seun, Yoram na koning Dawid om hom te groet en hom te seën en hy het artikels van silwer, goud en koper gebring omdat hy teen Hadad'ezer geveg en hom verslaan het, want Hadad'ezer was in oorlog teen To'i.
- 11 Koning Dawid het ook hierdie artikels vir יהוה afgesonder, saam met die silwer en die goud wat hy afgesonder het van al die nasies wat hy onderwerp het:
- 12 van die Edomiete, die Mo'aviete, van die seuns van `Ammon, van die F'lishtyne, van die `Amalekiete en van die buit van Hadad'ezer, die seun van Regov, die koning van Tzovah.
- 13 Dawid het naam gemaak toe hy, na die slagting van die agtien duisend Edomiete in die Vallei van Sout, terugkeer.
- 14 Dawid het garnisoene in Edom gesit; in die hele Edom het hy garnisoene gesit en al die Edomiete het Dawid se diensknegte geword en יהוה het Dawid gehelp waar hy ook al gegaan het. ^{Yir 49:7}
- 15 Dawid het oor die hele Yisra'el regeer en Dawid het regverdige oordeel en onpartydige opregtheid aan die hele volk bedien.
- 16 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, was oor die leër en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was griffier.
- 17 Tzadok, die seun van Agituv en Avimelekh, die seun van Evyatar, was priesters en S'rayah was skrywer.
- 18 B'nayahu, die seun van Y'hoyada, was oor die persoonlike wagte en die boodskappers. Die seuns van Dawid was hoofministers.
- 9** 1 Toe het Dawid gesê: "Is daar nog enige iemand oor van die huis van Sha'ul dat ek aan hom omgee kan bewys ter wille van Y'honatan?"
- 2 Daar was 'n dienskneg van die huis van Sha'ul, met die naam van Tziva en hulle het hom na Dawid geroep en die koning het vir hom gevra: "Is jy Tziva?" Hy antwoord: "U dienskneg!"
- 3 Die koning vra: "Is daar nie nog enige iemand van die huis van Sha'ul dat ek die omgee van God aan hom kan bewys, nie?" Tziva sê vir die koning: "Daar is nog 'n seun van Y'honatan, wie se voete altwee kreupel is."
- 4 Die koning vra vir hom: "Waar is hy?" Tziva sê vir die koning: "Let op, hy is in die huis van Makhir, die seun van `Ammi'el, in Lo-D'var."
- 5 Toe het koning Dawid gestuur en hom laat haal uit die huis van Makhir, die seun van `Ammi'el, uit Lo-D'var.
- 6 M'fivoshet, die seun van Y'honatan, die seun van Sha'ul, het by Dawid gekom en op sy gesig geval en plat gaan lê. Dawid het gesê: "M'fivoshet!" Hy het geantwoord: "Hier is u dienskneg."
- 7 Dawid het vir hom gesê: "Moenie bang wees nie, want ek sal sekerlik aan jou omgee bewys ter wille van jou vader Y'honatan en al die grond van jou oupa Sha'ul aan jou teruggee en jy self sal gereeld aan my tafel eet."
- 8 Weer het hy plat gaan lê en gesê: "Wat is u dienskneg dat u 'n dooie hond soos ek in ag sal neem?"

- 9 Toe het die koning vir Tziva, Sha'ul se dienskneg, geroep en vir hom gesê: “Alles wat aan Sha'ul en sy hele huis behoort het, het ek vir jou meester se kleinseun gegee.
- 10 Jy, jou seuns en jou slawe moet vir hom die grond bewerk en jy moet die opbrengs inbring sodat jou meester se kleinseun kos kan hê; nogtans sal M'fivoshet, jou meester se kleinseun, gereeld aan my tafel eet.” Tziva het vyftien seuns en twintig slawe gehad.
- 11 Toe sê Tziva vir die koning: “Volgens alles wat my meester die koning sy dienskneg beveel, so sal u dienskneg doen.” M'fivoshet het aan die tafel van Dawid geëet soos een van die koning se seuns.
- 12 M'fivoshet het 'n jong seun gehad met die naam van Mikha. Almal wat in die huis van Tziva gebly het, was M'fivoshet se diensknegte.
- 13 M'fivoshet het in Yerushalayim gebly, want hy het gereeld aan die koning se tafel geëet. Hy was kreupel in altwee voete.
- 10** 1 Daarna het dit gebeur dat die koning van die 'Ammoniete gesterf het en sy seun Hanun het in sy plek koning geword.
- 2 Toe het Dawid gesê: “Ek wil omgee bewys aan Hanun, die seun van Nagash, net soos sy vader aan my omgee bewys het.” Dawid het van sy diensknegte gestuur om hom oor sy vader te troos, maar toe Dawid se diensknegte in die land van die 'Ammoniete kom,
- 3 het die prinse van die 'Ammoniete vir Hanun, hulle meester, gesê: “Dink u dat Dawid u vader eer omdat hy troosters na u toe gestuur het? Het Dawid nie sy diensknegte na u toe gestuur om die stad te deursoek, dit te verken en dit omver te werp nie?”
- 4 Hanun vat Dawid se diensknegte en skeer die helfte van hulle baard af en sny hulle klere in die middel af, tot by hulle heupe en stuur hulle weg.
- 5 Toe hulle dit vir Dawid vertel, het hy gestuur om hulle tegemoet te gaan, want die manne was baie verneder. Die koning het gesê: “Bly in Yerigo totdat julle baarde gegroei het en kom dan terug.”
- 6 Toe die seuns van 'Ammon sien dat hulle gehaat geword het by Dawid, het die seuns van 'Ammon gestuur en die Arameërs van Beit-Regov en die Arameërs van Zobah gehuur, twintig duisend voetsoldate en die koning van Ma'akhah met een duisend man en die manne van Tov met twaalf duisend man.
- 7 Toe Dawid dit hoor, het hy Yo'av met die hele leër, die magtige manne, gestuur.
- 8 Die seuns van 'Ammon het uitgekóm en in gevegsorde opgestel by die ingang van die poort terwyl die Arameërs van Zobah en Regov en die manne van Tov en Ma'akhah by hulleself in die veld was.
- 9 Toe Yo'av sien dat die geveg opgestel is teen hom van voor sowel as van agter, het hy uit al die uitgesoektes in Yisra'el gekies en hulle opgestel teen die Arameërs,
- 10 maar die oorblewende manskappe het hy onder bevel van sy broer Avishai gesit en dié het hy opgestel teen die seuns van 'Ammon.
- 11 Hy het gesê: “As die Arameërs vir my te sterk is, dan moet jy my help, maar as die seuns van 'Ammon te sterk is vir jou, sal ek kom om jou te help.

- 12 Wees onveranderlik sterk en laat ons onself dapper wys aan ons mense en aan die stede van ons God. Mag יהיה dan doen wat goed is in Sy oë!”
- 13 Yo'av en die manne wat by hom was, het nadergegaan aan die geveg met die Arameërs en hulle het voor hom gevlug.
- 14 Toe die seuns van `Ammon sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook voor Avishai gevlug en die stad ingegaan. Toe het Yo'av teruggekom van die geveg met die seuns van `Ammon en in Yerushalayim gekom.
- 15 Toe die Arameërs sien dat hulle deur Yisra'el verslaan is, het hulle hulself bymekaar gebring.
- 16 Hadad'ezer het gestuur en die Arameërs van oorkant die Rivier (Eufraat) laat bring en hulle het na Heilam gekom. Shovakh, die bevelvoerder van Hadad'ezer se leër, het hulle gelei.
- 17 Nou toe dit vir Dawid vertel is, het hy die hele Yisra'el bymekaargemaak, deur die Yarden gegaan en by Heilam gekom en die Arameërs het hulleself opgestel om Dawid te ontmoet en teen hom baklei,
- 18 maar die Arameërs het voor Yisra'el gevlug en Dawid het een duisend sewe honderd strydswadrywers en veertig duisend ruiters van die Arameërs gedood en Shovakh, die bevelvoerder van hul leër, neergeslaan en hy het daar gesterf.
- 19 Toe al die konings, onderhorig aan Hadad'ezer, sien dat hulle voor Yisra'el verslaan is, het hulle met Yisra'el vrede gesluit en hulle gedien. Die Arameërs was bang om weer die seuns van `Ammon te help.
- 11** 1 Toe het dit in die lente, wanneer die konings uittrek, gebeur dat Dawid vir Yo'av, sy diensknegte saam met hom en die hele Yisra'el uitstuur en hulle het die seuns van `Ammon vernietig en Rabbah beleër, maar Dawid het in Yerushalayim gebly.
- 2 Met sonsondergang het Dawid van sy bed af opgestaan en op die dak van die paleis rondgeloop en van die dak af het hy 'n vrou gesien wat besig was om te bad en die vrou was baie mooi in voorkoms.
- 3 Dawid het gestuur en navraag gedoen na die vrou en een het gesê: “Is dit nie Bat-Sh'va, die dogter van Eli'am, die vrou van Uriyah, die Hittiet, nie?”
- 4 Dawid het boodskappers gestuur en haar laat haal en toe sy by hom kom, het hy by haar gelê en nadat sy haar van haar onreinheid gereinig het, het sy teruggekeer na haar huis.
- 5 Die vrou het swanger geword, gestuur en Dawid vertel en gesê: “Ek is swanger.”
- 6 Toe het Dawid na Yo'av gestuur: “Stuur Uriyah, die Hittiet, na my toe.” Yo'av het vir Uriyah na Dawid toe gestuur.
- 7 Toe Uriyah by hom kom, vra Dawid of dit goed gaan met Yo'av, die manskappe en die stand van die oorlog.
- 8 Toe sê Dawid vir Uriyah: “Gaan af na jou huis toe en was jou voete.” Uriyah het uit die paleis uitgegaan en 'n geskenk van die koning is agter hom aan gestuur.
- 9 Uriyah het egter by die deur van die paleis geslaap saam met al die diensknegte van sy meester en nie na sy huis afgegaan nie.

- 10 Toe het hulle Dawid vertel en gesê: “Uriyah het nie na sy huis afgegaan nie.” Dawid vra toe vir Uriyah: “Kom jy nie van ’n reis af nie? Waarom gaan jy nie af na jou huis toe nie?”
- 11 Uriyah sê vir Dawid: “Die ark, Yisra’el en Y’udah bly in tydelike skuilings en my meester Yo’av en die diensknegte van my meester kamp in die oop veld. Sou ek dan na my huis toe gaan om te eet en te drink en by my vrou te lê? So waar as u leef en lewe in u is, ek sal dit nie doen nie!”
- 12 Dawid sê vir Uriyah: “Bly vandag ook hier en môre sal ek jou laat gaan.” Uriyah het daardie dag en die volgende in Yerushalayim gebly.
- 13 Dawid het hom geroep en hy het voor hom geëet en gedrink en hy het hom dronk gemaak en met sonsondergang het hy uitgegaan om op sy slaapplek by die diensknegte van sy meester te gaan slaap, maar hy het nie afgegaan na sy huis toe nie.
- 14 In die oggend skryf Dawid ’n brief aan Yo’av en stuur dit saam met Uriyah.
- 15 Hy het in die brief geskryf en gesê: “Sit Uriyah op die voorpunt van die hewigste geveg en onttrek van hom af sodat hy neergeslaan kan word en sterf.”
- 16 So was dit dat terwyl Yo’av die stad verken, hy Uriyah op ’n plek sit waar hy geweet het daar dapper manne is.
- 17 Die manne van die stad het uitgegaan en teen Yo’av geveg en sommige van die manne, van die diensknegte van Dawid, het geval en Uriyah, die Hittiet, het ook gesterf.
- 18 Toe stuur Yo’av om aan Dawid die hele verloop van die geveg te rapporteer.
- 19 Hy het die boodskapper beveel en gesê: “Wanneer jy klaar die hele verloop van die geveg aan die koning vertel het
- 20 en dit gebeur dat die woede van die koning opkom en hy vir jou sê: ‘Waarom het julle so naby die stad gegaan om te veg? Het julle dan nie geweet dat hulle bo van die muur af sou skiet nie?’
- 21 Wie het Avimelekh, die seun van Yerubba’al, verslaan? Het ’n vrou nie ’n boonste meulsteen van bo van die muur af op hom gegooi sodat hy in Tevetz gesterf het nie? Waarom het julle so naby die muur gekom?’ Dan moet jy sê: ‘U dienskneg Uriyah, die Hittiet, is ook dood!’”
- 22 Die boodskapper het gegaan en gekom en aan Dawid alles rapporteer wat Yo’av vir hom gestuur het om te vertel.
- 23 Die boodskapper het vir Dawid gesê: “Die manne was vir ons te sterk en het teen ons uitgekom in die veld, maar ons het hulle teruggedruk tot by die ingang van die poort.
- 24 Meer nog, die boogskutters het bo van die muur af op u diensknegte geskiet; sommige van die koning se diensknegte is dood en u dienskneg, Uriyah, die Hittiet, is ook dood.”
- 25 Toe het Dawid vir die boodskapper gesê: “So moet jy vir Yo’av sê: ‘Moenie dat hierdie saak jou ontevrede stel nie, want die swaard verteer die een sowel as die ander; maak jou geveg teen die stad onveranderlik sterker en verwoes dit.’ So moet jy hom bemoedig.”

26 Toe die vrou van Uriyah hoor dat Uriyah, haar man, dood is, het sy oor haar man gerou.

27 Toe die routyd verby was, het Dawid gestuur en haar na sy huis toe gebring en sy het sy vrou geword. Toe het sy vir hom geboorte gegee aan 'n seun, maar die ding wat Dawid gedoen het, was boos in die oë van יהוה.

12 1 Toe stuur יהוה Natan na Dawid toe en hy het by hom gekom en gesê: “Daar was twee manne in 'n stad, die een was ryk en die ander arm.

2 Die ryk man het 'n groot menigte kleinvee en beeste gehad,

3 maar die arm man het niks gehad nie, behalwe een klein ooilammetjie wat hy gekoop en versorg het en wat saam met hom en sy kinders groot geword het. Dit het van sy brood geëet en uit sy beker gedrink en aan sy bors gelê en dit was vir hom soos 'n dogter.

4 'n Reisiger het by die ryk man gekom en hy was onwillig om van sy eie kleinvee of beeste te vat om vir die reisiger, wat by hom gekom het, iets voor te berei; hy het eerder die arm man se ooilam gevat en dit vir die man wat by hom gekom het voorberei.”

5 Toe het Dawid se woede ontvlam teen die man en hy het vir Natan gesê: “So waar as יהוה leef, die man wat dit gedoen het, verdien om te sterf!

6 Hy moet viervoudig restitusie doen vir die lam ^{Eks 22:1} omdat hy hierdie ding gedoen het en geen omgee gehad het nie.”

7 Natan sê toe vir Dawid: “U is die man! So sê יהוה, die God van Yisra'el: ‘Dit is Ék wat jou as koning gesalf het oor Yisra'el en dit is Ék wat jou bevry het uit die hand van Sha'ul.

8 Ek het ook die huis van jou meester vir jou gegee en die vroue van jou meester onder jou sorg en Ek het die huis van Yisra'el en van Y'udah vir jou gegee en as dit te min was, sou Ek baie meer dinge soos hierdie byvoeg.’

9 Waarom het jy die boodskap van יהוה verag deur te doen wat verkeerd is in Sy oë? Jy het Uriyah, die Hittiet, met die swaard neergeslaan, sy vrou het jy vir jou as vrou gevat en hom deur die swaard van die seuns van 'Ammon vermoor.

10 Nou, daarom sal die swaard nooit van jou huis af weggaan nie, omrede jy My verag het en die vrou van Uriyah, die Hittiet, gevat het om jou vrou te wees.

11 So sê יהוה: ‘Let op, Ek sal boosheid opwek teen jou vanuit jou eie huishouding; Ek sal selfs jou vroue voor jou oë vat en aan jou naaste gee en hy sal in helder daglig by jou vroue lê. ^{2 Sh'm 16:21,22}

12 Jy het dit weliswaar in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Yisra'el en in die helder daglig.”

13 Toe sê Dawid vir Natan: “Ek het gesondig teen יהוה!” Natan sê vir Dawid: “So het יהוה dan ook u sonde verwyder; u sal nie sterf nie,

14 maar omdat u die vyande van יהוה deur hierdie saak geleentheid gegee het om kwaad te praat, sal die kind wat vir u gebore is, sekerlik sterf.”

15 Natan het na sy huis toe gegaan. Toe het יהוה die seun, waaraan die weduwee van Uriyah vir Dawid geboorte gegee het, getref sodat hy ernstig siek was.

- 16 Dawid het daarom navraag gedoen by God vir die kind en Dawid het gevas en gegaan en die hele nag op die grond gelê.
- 17 Die oudstes van sy huishouding het langs hom gestaan om hom van die grond af op te tel, maar hy wou nie en het ook nie kos saam met hulle geëet nie.
- 18 Toe het dit op die sewende dag gebeur dat die seun sterf. Dawid se diensknegte was bang om hom te vertel dat die seun dood is, want hulle het gesê: "Let op, toe die seun nog gelewe het, het ons met hom gepraat en hy het nie na ons stem geluister nie. Hoe kan ons dan vir hom sê: 'Die seun is dood,' aangesien hy homself skade kan aandoen."
- 19 Toe Dawid egter sien dat sy diensknegte onder mekaar fluister, het Dawid verstaan dat die seun dood is. Dawid vra vir sy diensknegte: "Is die seun dood?" Hulle antwoord: "Hy is dood."
- 20 Dawid het van die grond af opgestaan, hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek, in die huis van יהוה ingegaan en aanbid. Toe het hy na sy eie huis gekom en toe hy gevra het, het hulle kos voor hom gesit en hy het geëet.
- 21 Toe vra sy dienaars vir hom: "Wat is die ding wat u gedoen het? Terwyl die seun lewend was, het u gevas en gehuil, maar toe die seun sterf, het u opgestaan en kos geëet."
- 22 Hy antwoord: "Toe die seun nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink: 'Wie weet, יהוה mag onverdiende guns aan my bewys dat die seun mag leef,'"
- 23 maar nou is hy dood; hoekom sou ek vas? Kan ek hom weer terugbring? Ek sal na hom toe gaan, maar hy sal nie na my toe terugkeer nie."
- 24 Toe het Dawid sy vrou Bat-Sh'va vertroos en by haar ingegaan en by haar gelê en sy het geboorte gegee aan 'n seun en hy het hom Shlomo genoem. יהוה het hom liefgehad
- 25 en 'n boodskap deur Natan, die profeet, gestuur en hy het hom Y'diyah laat noem, ter wille van יהוה.
- 26 Yo'av het teen Rabbah van die seuns van 'Ammon geveg en die koninklike stad oorgeneem.
- 27 Yo'av het boodskappers na Dawid toe gestuur om te sê: "Ek het teen Rabbah geveg, ek het die koninklike stad oorgeneem;
- 28 daarom, maak die res van die manne bymekaar en beleër die stad en neem dit oor, of ék sal die stad self oorneem en dit sal na my vernoem word."
- 29 Dawid maak al die manne bymekaar en gaan na Rabbah, veg daarteen en neem dit oor.
- 30 Toe vat hy die kroon van hulle koning van sy kop af en die gewig daarvan was 'n talent goud, met 'n kosbare steen daarin en dit is op Dawid se kop gesit en hy het die buit van die stad in groot hoeveelhede uitgebring.
- 31 Hy het ook die manne wat daarin was, uitgebring en laat werk by die sae, skerp ysterinstrumente, ysterbyle en hulle laat oorgaan na die steenoonde en so het hy met al die stede van die seuns van 'Ammon gedoen. Toe het Dawid en al die manne na Yerushalayim teruggekeer.

- 13** 1 Avshalom, die seun van Dawid, het 'n mooi suster gehad met die naam van Tamar en dit was hierna dat Amnon, die seun van Dawid, haar liefgehad het.
- 2 Amnon was so gefrustreerd oor sy suster Tamar dat hy homself siek gemaak het, want sy was 'n maagd en dit was in Amnon se oë moeilik om iets aan haar te doen,
- 3 maar Amnon het 'n vriend gehad, met die naam van Yonadav, die seun van Dawid se broer Shim'ah en Yonadav was 'n baie skerpsinnige man.
- 4 Hy vra vir hom: "O, seun van die koning, waarom lyk jy so bedruk, oggend na oggend? Sal jy my nie vertel nie?" Toe sê Amnon vir hom: "Ek is lief vir Tamar, die suster van my broer Avshalom."
- 5 Toe sê Yonadav vir hom: "Lê op jou bed en maak of jy siek is. Wanneer jou vader kom om jou te sien, moet jy vir hom sê: 'Laat my suster Tamar asseblief kom en vir my iets gee om te eet en die ete voor my oë voorberei dat ek dit kan sien en uit haar hand uit eet.'"
- 6 Amnon het gaan lê en gemaak of hy siek is. Toe die koning kom om hom te sien, sê Amnon vir die koning: "Laat my suster Tamar asseblief kom en 'n paar koeke voor my oë maak dat ek uit haar hand kan eet."
- 7 Toe het Dawid na Tamar se huis gestuur en gesê: "Gaan nou na die huis van jou broer Amnon en berei vir hom ete voor."
- 8 Tamar gaan toe na die huis van haar broer Amnon en hy het gelê en sy het deeg gevat, dit geknie en koeke voor sy oë gemaak en die koeke gebak.
- 9 Sy het die pan gevat en dit voor hom uitgegooi, maar hy het geweier om te eet. Amnon het gesê: "Laat almal uitgaan van my af!" Almal het van hom af uitgegaan.
- 10 Toe sê Amnon vir Tamar: "Bring die kos in die slaapkamer dat ek uit jou hand kan eet." Tamar het die koeke wat sy gemaak het, gevat en vir haar broer Amnon in die slaapkamer gebring.
- 11 Toe sy dit na hom toe bring om te eet, het hy haar gegryp en vir haar gesê: "Kom lê by my, my suster!"
- 12 Sy antwoord hom egter: "Nee, my broer, onteer my nie, want so iets word nie in Yisra'el gedoen nie; moenie so 'n skandelige ding doen nie.
- 13 Wat van my? Waar sou ék van my skande ontslae raak? Wat van jou? Jy sal wees soos een van die dwase in Yisra'el. Praat daarom asseblief met die koning, want hy sal my nie van jou terughou nie."
- 14 Hy wou egter nie na haar luister nie en aangesien hy sterker was as sy, het hy haar onteer en by haar gelê.
- 15 Toe het Amnon haar gehaat met 'n baie groot haat, want die haat waarmee hy haar gehaat het, was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Amnon sê vir haar: "Staan op, gaan weg!"
- 16 Sy sê egter vir hom: "Nee, want die verkeerde om my weg te stuur, is groter as die ander wat jy aan my gedoen het." Tog wou hy nie na haar luister nie.
- 17 Toe roep hy die jongman wat hom bedien en sê: "Gooi hierdie vrou uit my teenwoordigheid uit en sluit die deur agter haar toe."

- 18 Sy het 'n rok met lang moue aangehad, want so het die maagdelike dogters van die koning aangetrek. Toe het sy bediende haar buitentoe gevat en die deur agter haar toegesluit.
- 19 Tamar het as op haar kop gesit en haar rok met lang moue aan haar geskeur en sy het haar hand op haar kop gesit en al huilende weggegaan.
- 20 Toe het Avshalom, haar broer, vir haar gesê: "Was jou broer Amnon by jou? Swyg egter nou, my suster! Hy is jou broer, sit jou hart nie op hierdie saak nie." So het Tamar as 'n verlatene in die huis van haar broer Avshalom gebly.
- 21 Toe koning Dawid van al hierdie dinge hoor, was hy baie kwaad,
- 22 maar Avshalom het nie met Amnon kwaad of goed gepraat nie, want Avshalom het Amnon gehaat omdat hy sy suster Tamar onteer het.
- 23 Dit het gebeur na twee volle jare dat Avshalom skaapskeerders gehad het in Ba'al-Hatzor wat naby Efrayim is en Avshalom het al die koning se seuns genooi.
- 24 Avshalom het by die koning gekom en gesê: "Let op, u dienskneg het skaapskeerders. Laat die koning en sy diensknegte asseblief saam met u dienskneg gaan."
- 25 Die koning sê egter vir Avshalom: "Nee, my seun, ons moenie almal gaan nie, want ons sal lastig wees vir jou." Alhoewel hy by hom aangehou het, wou hy nie gaan nie, maar het hom geseën.
- 26 Toe sê Avshalom: "So nie, laat my broer Amnon saam met ons gaan." Die koning sê vir hom: "Waarom moet hy saam met jou gaan?"
- 27 Toe Avshalom egter by hom aanhou, het hy Amnon en al die seuns van die koning saam met hom laat gaan.
- 28 Avshalom het sy diensknegte beveel en gesê: "Kyk nou, wanneer Amnon se binneste vrolik is met wyn en wanneer ek vir julle sê: 'Slaan Amnon dood,' dan moet julle hom doodmaak. Moenie bang wees nie; het ékselw julle nie beveel nie? Wees vol moed en dapper."
- 29 Die diensknegte van Avshalom het met Amnon gedoen net soos Avshalom beveel het. Toe het al die seuns van die koning opgestaan en elkeen het op sy muil geklim en gevlug.
- 30 Nou dit was terwyl hulle op pad was dat die verslag by Dawid uitgekom het wat sê: "Avshalom het al die seuns van die koning doodgeslaan en nie een van hulle is oor nie."
- 31 Toe staan die koning op, skeur sy klere en gaan lê op die grond en al sy diensknegte het bygestaan met geskeurde klere.
- 32 Yonadav, die seun van Dawid se broer, Shim'ah, het geantwoord: "My meester moenie dink dat hulle al die jongmanne, die seuns van die koning, doodgemaak het nie, want Amnon alleen is dood omdat dit in Avshalom se beplanning bepaal is sedert die dag wat hy sy suster Tamar onteer het;
- 33 daarom nou, my meester die koning moenie die verslag 'al die koning se seuns is dood,' ernstig opneem nie, want net Amnon is dood."
- 34 Avshalom het gevlug. Die jongman wat op wag was, lig sy oë op en kyk en let op, baie mense kom van die pad agter hom af, aan die kant van die berg.
- 35 Yonadav sê vir die koning: "Let op, die seuns van die koning het gekom; volgens die woord van u dienskneg, so het dit gebeur."

- 36 Net toe hy klaar gepraat het, let op, kom die seuns van die koning en verhef hulle stemme en huil en ook die koning en al sy diensknegte het hard gehuil.
- 37 Avshalom het gevlug en na Talmai, die seun van 'Ammihud, die koning van G'shur, gegaan. ^{2 Sh'm 3:3} Dawid het elke dag oor sy seun gerou.
- 38 Avshalom het gevlug en na G'shur gegaan en was drie jaar lank daar.
- 39 Koning Dawid het verlang om na Avshalom uit te gaan, want hy was getroos aangaande Amnon, aangesien hy dood is.

- 14** 1 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, het gesien dat die koning se verstand, wil en emosie na Avshalom uitgegaan het.
- 2 Yo'av het na T'koa gestuur en 'n wyse vrou van daar af laat haal en vir haar gesê: "Hou asseblief voor om een te wees wat rou en trek rouklere aan en moet jouself nie met olie salf nie, maar wees soos 'n vrou wat al baie dae rou oor 'n dooie.
- 3 Gaan dan na die koning toe en praat so met hom." Yo'av het die woorde in haar mond gelê.
- 4 Nou, toe die vrou uit T'koa met die koning praat, val sy op haar gesig op die grond en lê op die grond en het gesê: "Help, o koning!"
- 5 Die koning het vir haar gevra: "Wat is jou moeilikheid?" Sy het geantwoord: "Waarlik, ek is 'n weduwee, want my man is dood.
- 6 U dienaars het twee seuns gehad, maar die twee van hulle het met mekaar geveg in die veld en daar was niemand om hulle uitmekaar te maak nie sodat een die ander geslaan en hom gedood het.
- 7 Nou let op, die hele familie het teen u dienaars opgestaan en hulle sê: 'Gee hom wat sy broer doodgeslaan het oor sodat ons hom kan doodmaak vir die lewe van sy broer wat hy vermoor het en die erfgenaam ook vernietig.' So wil hulle dan my kooltjie wat oorgebly het, uitdoof, om vir my man geen naam of oorblyfsel op die aardbodem te laat bly nie."
- 8 Toe sê die koning vir die vrou: "Gaan na jou huis toe en ek sal aangaande jou bevele gee."
- 9 Die vrou uit T'koa sê vir die koning: "My meester, die koning; die wetsoortreding is op my en my vader se huis, maar die koning en sy troon is skuldloos."
- 10 Die koning het gesê: "Wie ook al met jou praat, bring hom na my toe en hy sal nie weer aan jou raak nie."
- 11 Toe sê sy: "Laat die koning asseblief יהוה, u God, onthou sodat die bloedwreker nie sal aanhou vernietig nie, anders sal hulle my seun vernietig." Hy sê: "So waar as יהוה leef, nie een haar van jou seun sal op die grond val nie!"
- 12 Toe sê die vrou: "Laat asseblief u dienaars 'n woord met my meester die koning praat." Hy antwoord: "Praat."
- 13 Die vrou sê: "Waarom het u dan so iets beplan teen die volk van God? Want deur hierdie woord te sê, is die koning, soos een wat skuldig is, deurdat die koning nie sy verstote een laat terugkom nie,
- 14 want ons sal sekerlik sterf en is soos water wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan bymekaarmaak nie. Tog vat God nie die lewe weg nie, maar beplan metodes dat die verstote een nie van Hom af weggegooi sal word nie.

- 15 Die rede hoekom ek hierdie boodskap vir my meester die koning gebring het, is omdat die mense my bang gemaak het. U dienaars het gedink: 'Laat ek nou met die koning praat, miskien sal die koning die versoek van sy dienaars toestaan,
- 16 want die koning sal luister en sy dienaars bevry uit die hand van die man wat probeer om beide my en my seun te vernietig uit die erfenis van God.'
- 17 Toe het u dienaars gesê: 'Laat die woord van my meester die koning asseblief vertroostend wees, want soos die boodskapper van God, so is my meester die koning om goed en boos te onderskei en mag יהוה, u God, by u wees!'"
- 18 Toe antwoord die koning en sê vir die vrou: "Moet asseblief nie enige iets vir my wegsteek wat ek jou sal vra nie." Die vrou het gesê: "Laat my meester die koning asseblief praat."
- 19 Die koning het gevra: "Is Yo'av se hand saam met jou in dit alles?" Die vrou antwoord: "So waar as wat u leef, my meester die koning, niemand kan regs of links afwyk van enige iets wat my meester die koning gesê het nie. Inderdaad, dit was u dienskneg Yo'av wat my beveel het en dit is hy wat al hierdie woorde in u dienaars se mond gelê het.
- 20 Om dinge anders te laat lyk, het u dienskneg Yo'av hierdie ding gedoen, maar my meester is wys, soos die wysheid van die boodskapper van God, om alles te weet wat op die aarde is."
- 21 Toe sê die koning vir Yo'av: "Nou let op, ek sal dit doen. Gaan daarom, bring die jongman Avshalom terug."
- 22 Yo'av het op sy gesig op die grond neergeval, uitgestrek op die grond gelê en die koning geseën. Toe sê Yo'av: "My meester die koning, vandag weet u dienskneg dat ek guns in u oë gevind het omdat die koning die versoek van sy dienskneg uitgevoer het."
- 23 Yo'av het opgestaan, na G'shur gegaan en vir Avshalom na Yerushalayim gebring.
- 24 Die koning het egter gesê: "Laat hom na sy eie huis gaan en nie my gesig sien nie." Avshalom het na sy eie huis gegaan en nie die gesig van die koning gesien nie.
- 25 Nou, in die hele Yisra'el was daar geen man so aantreklik soos Avshalom en so hoog geprys nie; van sy voetsool af tot by die kroon van sy kop, was daar geen gebrek aan hom nie.
- 26 Wanneer hy die hare van sy kop laat skeer het, (dit was aan die einde van elke jaar dat hy dit geskeer het), want dit was swaar op hom; daarom het hy dit geskeer; het hy die hare van sy kop teen twee honderd sikkels geweeg volgens die koninklike gewig.
- 27 Vir Avshalom is drie seuns gebore en een dogter met die naam van Tamar, sy was 'n vrou van pragtige voorkoms.
- 28 Avshalom het twee volle jare in Yerushalayim gebly en hy het nie die gesig van die koning gesien nie.
- 29 Toe het Avshalom Yo'av laat roep, om hom na die koning te stuur, maar hy wou nie na hom toe kom nie. Hy het vir 'n tweede keer gestuur, maar hy wou nie kom nie.

- 30 Hy sê daarom vir sy diensknegte: “Kyk, Yo'av se land is langs myne en hy het gars daarop; gaan steek dit aan die brand.” Avshalom se diensknegte het die land aan die brand gestee.
- 31 Toe staan Yo'av op, kom by Avshalom in sy huis en vra vir hom: “Waarom het jou diensknegte my land aan die brand gestee?”
- 32 Avshalom antwoord Yo'av: “Let op, ek het na jou gestuur en gesê: ‘Kom hier dat ek jou na die koning kan stuur om te vra: “Waarvoor het ek van G'shur af gekom? Dit sou vir my beter wees om nog daar te wees”.’ Nou, daarom, laat my die gesig van die koning sien en as daar oortreding by my is, laat hy my doodmaak.”
- 33 Toe Yo'av by die koning kom en hom vertel, het hy Avshalom laat roep. Dus het hy na die koning gegaan en plat op die grond voor die koning op sy gesig gaan lê en die koning het Avshalom gesoen.

- 15** 1 Hierna het dit gebeur dat Avshalom vir hom 'n strydwa, perde en vyftig man as hardlopers voor hom uit, voorsien het.
- 2 Avshalom het vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan en Avshalom het elkeen wat 'n saak van regspraak gehad het om na die koning te bring, geroep en gesê: “Vanaf watter stad is jy?” Hy sal antwoord: “U dienaar is uit een van die stamme van Yisra'el,”
- 3 dan sal Avshalom vir hom sê: “Kyk, jou eise is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand na jou luister nie.”
- 4 Meer nog, Avshalom sal sê: “O, dat een my sou aanstel as regter in die land, dan sou elkeen wat 'n regsak of rede het, na my toe kan kom en ek sal aan hom gee wat reg is.”
- 5 As 'n man naderkom om voor hom op die grond te lê, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom.
- 6 Op dié manier het Avshalom met al die Yisra'elite gehandel wat vir regspraak na die koning gekom het; so het Avshalom die verstand, wil en emosie van die manne van Yisra'el gesteel.
- 7 Dit het gebeur aan die einde van vier jaar dat Avshalom vir die koning gesê het: “Laat my asseblief gaan en in Hevron my gelofte, wat ek aan יהוה gedoen het, betaal,
- 8 want u dienskneg het 'n gelofte gemaak terwyl ek in G'shur in Aram gebly het en gesê: “As יהוה my werklik na Yerushalayim toe sal terugbring, dan sal ek יהוה dien.”
- 9 Die koning het vir hom gesê: “Gaan in vrede!” Hy het opgestaan en na Hevron gegaan.
- 10 Avshalom het egter spioene uitgestuur regdeur al die stamme van Yisra'el om te sê: “Sodra julle die geluid van die ramshoring hoor, moet julle sê: ‘Avshalom is koning in Hevron!’”
- 11 Toe het twee honderd man wat genooi was, in onskuld saam met Avshalom vanaf Yerushalayim gegaan, sonder om iets te weet.

- 12 Avshalom het ook terwyl hy die offers bring, vir Agitofel, die Gilohniet, Dawid se raadgewer, uit sy stad, uit Giloh, laat roep. Die sameswering was sterk, want die mense by Avshalom het voortdurend vermeerder.
- 13 Toe kom daar 'n boodskapper by Dawid wat sê: "Die verstand, wil en emosie van die manne van Yisra'el is met Avshalom."
- 14 Dawid het vir al sy diensnegte wat by hom in Yerushalayim was, gesê: "Staan op en laat ons vlug, want nie een van ons sal van Avshalom af ontsnap nie! Gaan gou, of hy sal ons gou inhaal en onheil oor ons bring en die stad met die skerpte van die swaard tref."
- 15 Toe het die diensknegte van die koning vir die koning gesê: "Let op, u diensknegte doen wat ook al ons meester die koning verkies!"
- 16 Die koning het uitgegaan met sy hele huishouding saam met hom, maar die koning het tien byvroue agter laat bly om die huis te versorg.
- 17 Die koning het uitgegaan en al die mense saam met hom en hulle het by die laaste huis gestop
- 18 terwyl al sy diensknegte langs hom verbytrek; al die persoonlike wagte, al die boodskappers en al die Gittiete, (ses honderd man wat saam met hom gekom het vanaf Gat), het voor die koning verbygegaan.
- 19 Toe sê die koning vir Ittai, die Gittiet: "Hoekom sou jy ook saam met ons gaan? Draai om en bly by die koning, want jy is 'n buitelanders en ook 'n banneling; gaan terug na jou eie plek.
- 20 Jy het net gister gekom en sal ek jou vandag laat rondswerf saam met ons terwyl ek gaan waar ek wil? Draai om en vat jou broers terug. Onverdiende guns en waarheid sal by jou wees!"
- 21 Ittai het egter die koning geantwoord en gesê: "So waar as יהוה leef en my meester die koning leef, waarlik, waar my meester die koning ook al sal wees, vir dood of vir lewe, daar sal u dienskneg ook wees!"
- 22 Dawid sê daarom vir Ittai: "Gaan, trek verby!" Ittai, die Gittiet, het verbygetrek met al sy manne en al die kinders wat by hom was.
- 23 Terwyl die hele land hardop gehuil het, het al die mense verbygetrek. Die koning het ook oor die Kidronspruit getrek en al die mense het deurgetrek na die pad van die wildernis.
- 24 Let op, Tzadok het ook gekom en al die Leviëte saam met hom wat die ark van die verbond van God dra en hulle het die ark van God neergesit en Evyatar het vanaf die stad gekom totdat al die mense klaar verbygegaan het.
- 25 Die koning het vir Tzadok gesê: "Wat die ark van God terug na die stad toe. As ek guns vind in die oë van יהוה, sal Hy my terugbring en beide dit en Sy blyplek laat sien,
- 26 maar as Hy so sou sê: 'Ek het in jou geen behae nie,' let op, hier is ek, laat Hy met my doen soos vir Hom goed is."
- 27 Die koning het ook vir Tzadok, die priester, gesê: "Is u nie 'n siener nie? Gaan in vrede terug na die stad toe en jou twee seuns saam met jou; Agima'atz, jou seun en Y'honatan, die seun van Avyatar.

- 28 Kyk, ek gaan by die driewwe van die wildernis wag totdat daar 'n woord van julle af kom om my in te lig."
- 29 Tzadok en Avyatar het die ark van God teruggevat na Yerushalayim en daar gebly.
- 30 Dawid het teen die hoogte van die Olyfberg opgeklim, al huilende en sy kop was bedek en hy het kaalvoet geloop. Toe het al die mense wat by hom was hulle koppe bedek en al huilende opgegaan.
- 31 Iemand het vir Dawid vertel: "Agitofel is tussen die samesweerders saam met Avshalom." Dawid het gesê: "O דָּוִד, ek bid, maak die raad van Agitofel dwaasheid!"
- 32 Let op, dit het gebeur net toe Dawid op die kruin, waar God aanbid is, kom dat Hushai, die Arkiet, hom daar ontmoet, met sy oorkleed geskeur en stof op sy kop.
- 33 Dawid sê vir hom: "As jy saam met my verder gaan, sal jy vir my 'n las wees,
- 34 maar as jy terugkeer na die stad en vir Avshalom sê: "Ek sal u dienskneg wees, o koning, soos wat ek u vader se dienskneg in die verlede was, so sal ek nou u dienskneg wees," dan kan jy vir my die raad van Agitofel verydel.
- 35 Is Tzadok en Avyatar, die priesters, nie saam met jou daar nie? So sal dit wees dat alles wat jy uit die huis van die koning hoor, jy aan Tzadok en Avyatar, die priesters, moet rapporteer.
- 36 Let op, hulle twee seuns is daar by hulle, Agima'atz van Tzadok en Y'honatan van Avyatar en deur hulle moet jy alles wat jy hoor, vir my stuur."
- 37 Hushai, Dawid se vriend, het in die stad ingekom en Avshalom het Yerushalayim binnegegaan.
- 16** 1 Net toe Dawid 'n entjie verby die kruin is, let op, ontmoet Tziva, M'fivoshet se dienskneg, hom met 'n paar opgesaalde donkies en op hulle twee honderd brode, 'n honderd rosynekoeke, honderd somervrugte en 'n houer wyn.
- 2 Die koning het vir Tziva gevra: "Waarvoor het jy hierdie?" Tziva antwoord: "Die donkies is vir die huishouding van die koning om op te ry en die brood en die somervrugte vir die jongmanne om te eet en die wyn vir wie ook al swak is in die wildernis, om te drink."
- 3 Toe vra die koning: "Waar is die seun van jou meester?" Tziva sê vir die koning: "Let op, hy bly in Yerushalayim, want hy dink: 'Vandag sal die huis van Yisra'el my vader se koningskap aan my teruggee.'"
- 4 Die koning sê toe vir Tziva: "Let op, alles wat aan M'fivoshet behoort, is joune." Tziva het gesê: "Ek buig my neer! Mag ek guns vind in u oë, my meester die koning!"
- 5 Toe koning Dawid by Bagurim kom, let op, kom daar 'n man van die familie van die huis van Sha'ul, wie se naam Shim'i was, die seun van Gera; hy het uitgekom en aanhoudend gevloek soos hy uitkom.
- 6 Hy het klippe na Dawid en al die diensknegte van koning Dawid gegooi en al die mense en al die magtige manne was aan sy regter- en aan sy linkerkant.
- 7 Dit het Shim'i gesê terwyl hy gevloek het: "Gaan uit, gaan uit, jou bloedvergieter en jou deugniet!

- 8 יהודה het al die bloedvergiëting van die huis van Sha'ul, in wie se plek jy geheers het, op jou laat terugkom en יהודה het die koninkryk in die hand van jou seun Avshalom gegee en let op, jy is vas in jou eie boosheid, want jy is 'n man van bloedvergiëting.”
- 9 Toe sê Avishai, die seun van Tz'ruyah, vir die koning: “Hoekom moet hierdie dooie hond my meester die koning vloek? Laat my nou oorstap en sy kop afsny!”
- 10 Die koning sê egter: “Wat het ek met julle te doen, seuns van Tz'ruyah? As hy vloek en as יהודה vir hom gesê het: ‘Vloek vir Dawid,’ wie mag dan vra: ‘Hoekom maak jy so?’”
- 11 Toe het Dawid aan Avishai en aan al sy diensknegte gesê: “Let op, my seun wat van my uitgegaan het, soek my lewe; hoeveel te meer nou hierdie Binyaminiet? Laat hom staan en laat hom vloek, want יהודה het hom beveel.
- 12 Miskien sal יהודה my ellende sien en goed aan my teruggee in plaas van sy vloek vandag.
- 13 Dawid en sy manne het toe met die pad aangegaan en Shim'i het parallel, al langs hom, teen die kant van die berg geloop en vloek, klippe gegooi en stof na hom toe gegooi.
- 14 Die koning en al die mense wat by hom was, het moeg by die Yarden aangekom en hy het homself daar verfris.
- 15 Avshalom en al die manne, die manne van Yisra'el, het Yerushalayim binnegegaan en Agitofel was by hom.
- 16 Nou, dit het gebeur dat, toe Hushai die Arkiet, die vriend van Dawid, by Avshalom kom, Hushai vir Avshalom sê: “Die koning leef, die koning leef!”
- 17 Avshalom vra vir Hushai: “Is dit jou lojaliteit teenoor jou vriend? Waarom het jy nie saam met jou vriend gegaan nie?”
- 18 Toe sê Hushai vir Avshalom: “Nee, want wie יהודה, hierdie volk en al die manne van Yisra'el gekies het, syne sal ek wees en by hom sal ek bly.
- 19 In elk geval: wie sal ek dien? Moet ek nie dien in die teenwoordigheid van sy seun nie? Soos ek in u vader se teenwoordigheid gedien het, so sal ek in u teenwoordigheid wees.”
- 20 Toe sê Avshalom vir Agitofel: “Gee jou advies. Wat moet ons doen?”
- 21 Agitofel sê vir Avshalom: “Gaan in by u vader se byvroue, wat hy laat agter bly het om die huis te versorg; dan sal die hele Yisra'el hoor dat u uself gehaat gemaak het by u vader en die hande van almal wat by u is, sal ook versterk word.”
- 22 Hulle het vir Avshalom 'n tent op die dak opgeslaan en Avshalom het voor die oë van die hele Yisra'el by die byvroue van sy vader ingegaan. ^{2 Sh'm 12:11}
- 23 Die advies van Agitofel, wat hy in daardie dae gegee het, was asof 'n mens die woord van God geraadpleeg het; so was al die advies van Agitofel beskou deur beide Dawid en Avshalom.
- 17** 1 Verder het Agitofel vir Avshalom gesê: “Laat my asseblief twaalf duisend man kies sodat ek kan opstaan en Dawid vannag agtervolg.
- 2 Ek sal op hom afkom terwyl hy moeg en uitgeput is en hom verskrik sodat al die mense vlug wat by hom is. Dan sal ek slegs die koning neerslaan

- 3 en ek sal die hele volk na u toe terugbring. Die terugkeer van almal hang af van die man wat u soek; die hele volk sal tevrede wees.”
- 4 Die plan was goed in die oë van Avshalom en al die oudstes van Yisra'el.
- 5 Toe het Avshalom gesê: “Roep nou ook vir Hushai, die Arkiet en laat ons ook hoor wat hy te sê het.”
- 6 Toe Hushai by Avshalom gekom het, het Avshalom vir hom gesê: “So het Agitofel gepraat. Sal ons sy plan uitvoer? So nie, praat jy dan.”
- 7 Hushai sê vir Avshalom: “Die advies wat Agitofel hierdie keer gegee het, is nie goed nie.”
- 8 Verder het Hushai gesê: “U ken u vader en sy manne dat hulle magtige manne is en verbete, soos 'n beer wat van haar kleintjies beroof is in die veld; ook is u vader 'n deskundige in oorlogvoering en hy sal nie die nag by die mense deurbring nie.
- 9 Let op, hy het homself versteek in een van die grotte of in 'n ander plek en dit sal wees dat, as hy hulle oorval by die eerste aanval, wie ook al dit hoor sal sê: ‘Daar was 'n slagting onder die manne wat Avshalom volg!’
- 10 Selfs die een wat dapper is, wie se hart 'n leeu se hart is, sal heeltemal moed verloor, want die hele Yisra'el weet dat u vader 'n magtige man is en dat die manne by hom dapper is,
- 11 maar ek adviseer dat die hele Yisra'el, van Dan tot by Be'er-Sh'va, so oorstroomdig soos die sand wat aan die seestrand is, sekerlik by u bymekaargebring word en dat u persoonlik in die geveg tree.
- 12 So sal ons op hom afkom in een van die plekke waar hy hom bevind en ons sal hom oorval soos die dou op die aarde val en van hom en van al die manne wat by hom is, sal selfs nie een oorbly nie.
- 13 As hy in 'n stad terugtrek, moet die hele Yisra'el toue na daardie stad toe bring en ons sal dit in die vallei in sleep totdat daar selfs nie 'n klein klippe te vinde is nie.”
- 14 Toe sê Avshalom en al die manne van Yisra'el: “Die advies van Hushai, die Arkiet, is beter as die advies van Agitofel,” want יהודה het beskik om die goeie advies van Agitofel te verwerp sodat יהודה katastrofe oor Avshalom kon bring.
- 15 Toe sê Hushai vir Tzadok en Avyatar, die priesters: “Dit is wat Agitofel Avshalom en die oudstes van Yisra'el geadviseer het, maar dit het ek geadviseer.
- 16 Nou, daarom, stuur gou en laat Dawid weet: ‘Moenie oornag by die driewe van die wildernis nie, maar gaan sekerlik oor; anders sal die koning en al die mense wat by hom is, vernietig word’.”
- 17 Y'honatan en Agima'atz het by 'Ein-Rogel gebly en 'n diensmeisie sou gaan om hulle te vertel en hulle moes dan gaan en dit aan koning Dawid vertel, want hulle kon nie gesien word dat hulle die stad binnegaan nie.
- 18 'n Jongman het hulle egter gesien en vir Avshalom vertel; hulle twee het haastig vertrek en by die huis van 'n man in Bagurim gekom wat 'n put in sy binnehof gehad het en hulle het daarin afgegaan.
- 19 Die vrou het 'n bedekking gevat en dit bo-oor die put se opening uitgesprei en graan daarop gestrooi sodat niks sigbaar was nie.

- 20 Toe kom Avshalom se diensknegte by die vrou by die huis en vra: “Waar is Agima’atz en Y’honatan?” Die vrou sê vir hulle: “Hulle het die stroompie water oorgegaan.” Toe hulle gesoek en niks gekry het nie, het hulle na Yerushalayim teruggegaan.
- 21 Dit het gebeur nadat hulle weggegaan het dat hulle uit die put uit opgekom en gegaan en aan koning Dawid berig gebring het en hulle het vir Dawid gesê: “Staan op en trek gou deur die water, want so het Agitofel teen julle advies gegee.”
- 22 Toe het Dawid en al die mense wat by hom was, opgestaan en die Yarden oorgesteek en teen oggendlig het selfs nie een oorgebly wat nie die Yarden oorgesteek het nie.
- 23 Toe Agitofel sien dat sy advies nie gevolg is nie, het hy sy donkie opgesaal, opgestaan en na sy huis, na sy stad, gegaan en sy huis in orde gekry en homself verwurg; so is hy dood en is begrawe in die graf van sy vader.
- 24 Toe het Dawid in Maganayim aangekom en Avshalom het die Yarden oorgesteek, hy en al die manne van Yisra’el saam met hom.
- 25 Avshalom het `Amasa in Yo’av se plek oor die leër aangestel. `Amasa was die seun van `n man met die naam van Yitra, die Yisra’eliet wat ingegaan het by Avigayil, die dogter van Nagash, suster van Tz’ruyah, Yo’av se moeder.
- 26 Yisra’el en Avshalom het gekamp in die land van Gil’ad.
- 27 Toe Dawid in Maganayim kom, bring Shovi, die seun van Nagash uit Rabbah, uit die seuns van `Ammon, Magir, die seun van `Ammi’el, uit Lo-D’var en Barzillai, die Gil’adiet, uit Roglim,
- 28 beddens, skottels, erdegoed, koring, gars, meel, gebraaide graan, bone, lensies, gebraaide sade,
- 29 heuning, dikmelk, kleinvee en kaas van beesmelk na Dawid en die mense wat by hom was, om te eet, want hulle het gesê: “Die mense is honger, moeg en dors in die wildernis.”
- 18** 1 Toe het Dawid die manne getel wat by hom was en bevelvoerders oor duisend en bevelvoerders oor honderd oor hulle aangestel.
- 2 Dawid het die manne uitgestuur: `n derde deel onder bevel van Yo’av, `n derde onder Avishai, die seun van Tz’ruyah, die broer van Yo’av en `n derde onder Ittai, die Gittiet en die koning het vir die manne gesê: “Ek sal sekerlik ook saam met julle uitgaan.”
- 3 Die manne het egter gesê: “U mag nie uittrek nie, want as ons moet vlug, sal hulle nie oor ons omgee nie; selfs al sterf die helfte van ons, hulle sal nie oor ons omgee nie, maar u is tien duisend van ons werd; daarom is dit nou beter dat u gereed is om ons van die stad af te help.”
- 4 Toe sê die koning vir hulle: “Wat vir julle die beste is, sal ek doen.” Die koning het langs die poort gestaan en al die manne het uitgegaan in honderde en in duisende.
- 5 Die koning het Yo’av, Avishai en Ittai beveel en gesê: “Werk sagkens met die jongman, Avshalom, vir my onthalwe.” Al die manne het gehoor toe die koning aan al die bevelvoerders bevel gee aangaande Avshalom.

- 6 Toe gaan die manne uit, die veld in, teen Yisra'el en die geveg het plaasgevind in die woud van Efrayim.
- 7 Die manne van Yisra'el is daar voor die diensknegte van Dawid verslaan en die slagting was dié dag daar groot, twintig duisend man,
- 8 want die geveg is daar uitgesprei oor die hele platteland en die woud het daardie dag meer mense verteer as wat die swaard verteer het.
- 9 Avshalom het onverwags die diensknegte van Dawid ontmoet, want Avshalom het op sy muil gery en die muil het onder die digte takke van 'n groot eikeboom ingegaan en sy kop het in die eikeboom vasgehaak sodat hy tussen hemel en aarde bly hang het terwyl die muil, wat onder hom was, aanhou loop het.
- 10 Toe 'n sekere man dit sien, het hy Yo'av vertel en gesê: "Let op, ek het Avshalom in 'n eikeboom sien hang."
- 11 Toe sê Yo'av vir die man wat hom vertel het: "Nou, let op, het jy gesien!? Waarom het jy hom dan nie daar teen die grond neergeslaan nie? Ek sou vir jou tien silwerstukke en 'n gordel gegee het."
- 12 Die man sê vir Yo'av: "Selfs al sou ek ook 'n duisend silwerstukke in my hand ontvang, sou ek nie my hand uitsteek teen die seun van die koning nie, want die koning het vir u, Avishai en Ittai voor ons ore beveel en gesê: 'Beskerm die jongman, Avshalom, vir my!'"
- 13 Anders, as ek vals teen sy lewe opgetree het en daar is niks verborge vir die koning nie, dan sou u self opsy gestaan het."
- 14 Toe sê Yo'av: "Ek wil nie tyd hier by jou mors nie!" Hy vat drie spiese in sy hand en druk hulle deur die hart van Avshalom terwyl hy nog lewendig was in die eikeboom.
- 15 Tien jongmanne wat Yo'av se wapens gedra het, het nadergekom en Avshalom gestee en hom gedood.
- 16 Toe blaas Yo'av die ramshoring en die manne het teruggedraai daarvan om Yisra'el te agtervolg, want Yo'av het die manne teruggehou.
- 17 Hulle het Avshalom gevat en hom in die woud in 'n groot put gegooi en 'n baie groot hoop klippe bo-op hom gestapel en die hele Yisra'el het gevlug, elkeen na sy tent.
- 18 Tydens sy leeftyd het Avshalom 'n gedenksteen in die koningsvallei opgerig vir homself, want, het hy gesê: "Ek het geen seun om my naam te bewaar nie." Hy het die gedenksteen na homself vernoem en dit word tot vandag toe die gedenkteken van Avshalom genoem.
- 19 Daarop sê Agima'atz, die seun van Tzadok: "Laat my asseblief hardloop en aan die koning die boodskap bring dat יהוה hom bevry het van die hand van sy vyande."
- 20 Yo'av sê egter vir hom: "Jy is nie die man om vandag 'n boodskap te dra nie, maar jy kan anderdag 'n boodskap dra, maar jy sal geen boodskap vandag dra nie omdat die seun van die koning dood is."
- 21 Toe sê Yo'av vir die Kushiet: "Gaan vertel vir die koning wat jy gesien het!" Die Kushiet het voor Yo'av gebuig en gehardloop.

- 22 Agima'atz, die seun van Tzadok, het weer 'n keer vir Yo'av gesê: "Wat ook al gebeur, laat my asseblief ook agter die Kushiet aan hardloop." Yo'av vra: "Waarom wil jy hardloop, my seun, aangesien jy geen beloning sal ontvang as jy gaan nie?"
- 23 "Maar wat ook al gebeur," sê hy, "ek sal hardloop." Hy antwoord hom toe: "Hardloop!" Toe hardloop Agima'atz met die vlakke langs en steek die Kushiet verby.
- 24 Dawid het tussen die twee poorte gesit en die wag het opgegaan na die dak van die poort op die muur en sy oë opgeslaan en let op, 'n man wat alleen hardloop.
- 25 Die wag het uitgeroep en die koning vertel en die koning sê: "As hy alleen is, dan is daar 'n goeie boodskap in sy mond." Hy het ál nader en nader gekom.
- 26 Toe sien die wag 'n ander man hardloop en die wag het na die poortwag geroep en gesê: "Let op, daar hardloop nog 'n man op sy eie. Die koning sê: "Hierdie een bring ook 'n goeie boodskap."
- 27 Die wag het gesê: "Ek dink die hardloop van die eerste een is soos die hardloop van Agima'atz, die seun van Tzadok." Die koning sê: "Hierdie is 'n goeie man wat kom met 'n goeie boodskap."
- 28 Agima'atz het uitgeroep en aan die koning gesê: "Vrede!" Hy het homself voor die koning neergebuig met sy gesig op die grond en gesê: "Geseënd is יהוה, u God, wat die manne oorgelewer het wat hulle hand teen my meester die koning opgelig het."
- 29 Die koning vra: "Gaan dit goed met die jongman, Avshalom?" Agima'atz antwoord: "Toe Yo'av die dienskneg van die koning, u dienskneg gestuur het, het ek 'n groot opskudding gesien, maar ek het nie geweet wat dit was nie."
- 30 Toe sê die koning: "Draai opsy en staan hier." Toe draai hy opsy en staan stil.
- 31 Let op, die Kushiet arriveer en die Kushiet sê: "My meester die koning, ontvang goeie nuus, want יהוה het u vandag bevry van die hand van al dié wat teen u opgestaan het."
- 32 Toe vra die koning vir die Kushiet: "Gaan dit goed met die jongman, Avshalom?" Die Kushiet antwoord: "Laat die vyande van my meester die koning en almal wat teen u ontstaan vir boosheid, wees soos daardie jongman!"
- 19** 1 Die koning was diep aangeraak en het opgegaan na die vertrek bo die poort en gehuil en so het hy gesê terwyl hy loop: "My seun Avshalom, my seun, my seun Avshalom! As ek maar gesterf het in jou plek! Avshalom, my seun, my seun!"
- 2 Toe is dit vir Yo'av vertel: "Let op, die koning huil en rou oor Avshalom."
- 3 Daardie dag het die oorwinning vir die hele volk in 'n rou verander omdat die volk dié dag gehoor het dat dit gesê is: "Die koning is bedroef oor sy seun."
- 4 Die mense het dié dag stilletjies die stad ingekom, soos mense wat verneder is, wegsloop as hulle in die geveg gevlug het.
- 5 Die koning het sy gesig bedek en het uitgeroep met 'n harde stem: "My seun Avshalom! Avshalom, my seun, my seun!"
- 6 Toe kom Yo'av by die koning in die huis en sê: "U het vandag die gesigte van al u diensknegte, wat vandag u lewe en die lewe van u seuns en dogters en die lewe van u vroue en die lewe van u byvroue gered het, met skaamte bedek,

- 7 deur diegene wat u haat, lief te hê en diegene wat u lief het, te haat, want u het vandag gewys dat prinse en diensknegte vir u niks is nie, want ek weet vandag dat, as Avshalom lewendig en ons almal vandag dood was, u tevrede sou wees.
- 8 Staam daarom nou op, gaan uit en praat goedhartig met u diensknegte, want ek sweer by יהוה, as u nie uitgaan nie, sal daar sekerlik vannag geen man by u bly nie en dit sal vir u groter wees as al die booshede wat oor u gekom het van u jeug af tot nou toe.”
- 9 Die koning het opgestaan en in die poort gaan sit. Toe hulle die hele volk laat weet en gesê het: “Let op, die koning sit in die poort,” het die hele volk voor die koning gekom. Yisra'el het gevlug, elkeen na sy tent.
- 10 Al die mense, van al die stamme van Yisra'el het onder mekaar getwis en gesê: “Die koning het ons bevry uit die hand van ons vyande en ons gered uit die hand van die F'lishtyne, maar nou het hy uit die land uit gevlug vir Avshalom.
- 11 Nietemin, Avshalom, wat ons oor ons gesalf het, het in die geveg gesterf. Waarom is julle dan nou stil daaroor om die koning terug te bring?”
- 12 Toe het koning Dawid na Tzadok en Avyatar, die priesters, gestuur om te sê: “Praat met die oudstes van Y'hudah en vra: ‘Waarom is julle die laastes om die koning terug te bring na sy huis, aangesien die woorde van die hele Yisra'el na die koning en sy huis gekom het?’
- 13 Julle is my broers; my vlees en bloed. Waarom sou julle dan die laastes wees om die koning terug te bring?”
- 14 Vir 'Amasa moet julle sê: ‘Is jy nie my vlees en bloed nie? Mag God so aan my doen en ook meer, as jy nie voortdurend die bevelvoerder van my leer voor my sal wees in die plek van Yo'av nie!’”
- 15 So het hy die gedagtes, wil en emosie van al die manne van Y'hudah soos een man gedraai sodat hulle na die koning gestuur en gesê het: “Kom terug, u en al u diensknegte.”
- 16 Die koning het toe teruggegaan tot so ver as die Yarden en Y'hudah het na Gilgal gekom om die koning te gaan ontmoet, om die koning oor die Yarden te bring.
- 17 Toe het Shim'i, die seun van Gera, die Binyaminiet, wat uit Bagurim was, hom gehaas en saam met die jongmanne van Y'hudah afgekom om koning Dawid te ontmoet.
- 18 Daar was 'n duisend man uit Binyamin saam met hom, saam met Tziva, die dienskneg van die huis van Sha'ul en sy vyftien seuns en twintig diensknegte saam met hom en hulle het haastig gemaak na die Yarden toe, voor die koning.
- 19 Toe het hulle aangehou die drif oorsteek om die huis van die koning oor te bring en te doen wat goed was in sy oë. Shim'i, die seun van Gera, het voor die koning neergeval toe hy op die punt was om oor die Yarden te gaan.
- 20 Hy het vir die koning gesê: “Laat my meester my nie as skuldig beskou nie, of onthou wat u dienskneg verkeerd gedoen het op die dag dat my meester die koning uit Yerushalayim uitgekom het sodat die koning dit ter harte sou neem nie,
- 21 want u dienskneg weet dat ék gesondig het; daarom, let op, ek het vandag gekom, die eerste van die hele huis van Yosef om af te gaan om my meester die koning te ontmoet.”

- 22 Avishai, die seun van Tz'ruyah, het egter geantwoord: "Moet Shim'i nie hieroor doodgemaak word omdat hy die gesalfde van יהוה gevloek het nie?"
- 23 Toe sê Dawid: "Wat het ek met julle te doen, seuns van Tz'ruyah, dat julle vandag my teëstanders sal wees? Moet enige mens vandag in Yisra'el doodgemaak word? Want weet ek nie vandag dat ek koning oor Yisra'el is nie?"
- 24 Die koning sê vir Shim'i: "Jy sal nie sterf nie." So het die koning vir hom gesweer.
- 25 Toe kom M'fivoshet, die kleinseun van Sha'ul, af om die koning te ontmoet en hy het nie sy voete versorg, of sy snor geskeer, of sy klere gewas, van die dag af dat die koning weggegaan het tot op die dag dat hy in vrede teruggekom het nie.
- 26 Dit was toe hy vanaf Yerushalayim gekom het om die koning te ontmoet dat die koning vir hom sê: "Waarom het jy nie saam met my gegaan nie, M'fivoshet?"
- 27 Hy antwoord: "My meester die koning, my dienskneg het my mislei, want u dienskneg het gedink: 'Ek sal vir myself 'n donkie opsaal dat ek daarop kan ry en saam met die koning gaan,' want u dienskneg is lam.
- 28 Meer nog, hy het sleg gepraat van u dienskneg by my meester die koning, maar my meester die koning is soos die boodskapper van God, doen daarom wat goed is in u oë,
- 29 want my vader se hele huishouding was niks anders as dooie mense voor my meester die koning nie; tog het u u dienskneg geplaas onder die wat aan u eie tafel eet. Watter reg het ek steeds dat ek nog by die koning sal kla?"
- 30 Toe sê die koning vir hom: "Waarom praat jy nog oor jou sake? Ek het besluit: jy en Tziva sal die land verdeel."
- 31 M'fivoshet het die koning geantwoord: "Laat hom selfs alles vat, aangesien my meester die koning veilig na sy eie huis gekom het."
- 32 Barzillai, die Gil'adiet, het afgekom vanaf Roglim en saam met die koning na die Yarden gegaan om hom oor die Yarden te vergesel.
- 33 Barzillai was baie oud, reeds tagtig jaar oud en hy het die koning onderhou gedurende sy verblyf in Maganayim, want hy was 'n baie belangrike man.
- 34 Die koning het vir Barzillai gesê: "Trek saam met my oor, dan sal ek jou by my in Yerushalayim onderhou."
- 35 Barzillai het egter die koning geantwoord: "Hoe lank het ek nog om te leef dat ek saam met die koning sou opgaan na Yerushalayim?"
- 36 Ek is nou tagtig jaar oud. Kan ek tussen goed en kwaad onderskei, of kan u dienskneg proe wat ek eet en wat ek drink, of kan ek steeds die stem van sangers en sangeresse hoor? Waarom sal u dienskneg dan 'n verdere las wees vir my meester die koning?
- 37 U dienskneg sal vrolik saam met die koning oor die Yarden trek. Waarom sou die koning my betaal met hierdie beloning?
- 38 Laat asseblief u dienskneg teruggaan dat ek in my eie stad, naby die graf van my vader en my moeder, sterf. Nietemin, hier is u dienskneg Khimham, laat hom saam met my meester die koning oorgaan en doen vir hom wat goed is in u oë."
- 39 Die koning antwoord: "Khimham kan saam met my oorgaan en ek sal vir hom doen wat goed is in jou oë en alles wat jy van my verwag, sal ek vir jou doen."

- 40 Al die mense het oor die Yarden gegaan en die koning het ook oorgegaan. Toe soen die koning vir Barzillai en seën hom en hy het na sy plek toe teruggegaan.
- 41 Die koning het aangegaan na Gilgal en Khimham het saam met hom gegaan en al die mense van Y'hudah en ook die helfte van die mense van Yisra'el het die koning vergesel.
- 42 Let op, al die manne van Yisra'el kom by die koning en sê vir die koning: "Waarom het ons broers, die manne van Y'hudah, u weggesteel en die koning en sy huis en al die manne van Dawid saam met hom oor die Yarden gebring?"
- 43 Toe antwoord al die manne van Y'hudah die manne van Yisra'el: "Omdat die koning naby verwant is aan ons. Waarom is jy dan kwaad oor hierdie saak? Het ons enigsins iets ten koste van die koning geëet, of is enige iets vir ons gevat?"
- 44 Die manne van Yisra'el het egter die manne van Y'hudah geantwoord en gesê: "Ons het tien aandeel aan die koning; daarom het ons ook meer reg op Dawid as julle. Waarom het julle ons met minagting behandel? Was dit nie ons advies eerste om ons koning terug te bring nie?" Tog was die woorde van die manne van Y'hudah heftig as die woorde van die manne van Yisra'el.

20 1 'n Deugniet met die naam van Sh'va, die seun van Bikhri, 'n Binyaminiet was daar en hy het op die ramshoring geblaas en gesê: "Ons het geen deel aan Dawid en ook het ons geen erfenis in die seun van Yishai nie; elke man na sy tent toe, o Yisra'el!"

- 2 Al die manne van Yisra'el het daarvan onttrek om Dawid te volg en Sh'va (Ar. Sh'moa), die seun van Bikhri, gevolg, maar die manne van Y'hudah het standvastig tot hulle koning gebly, van die Yarden af tot by Yerushalayim.
- 3 Toe kom Dawid by sy huis in Yerushalayim en die koning het die tien vroue, die byvroue wat hy laat agterbly het om die huis te versorg, gevat en onder bewaking gesit en aan hulle middele voorsien, maar nie by hulle ingegaan nie. Hulle was opgesluit tot die dag van hulle dood en het gelewe as weduwees.
- 4 Toe sê die koning vir 'Amasa: "Roep vir my die manne van Y'hudah binne drie dae byeen en wees jyself ook hier teenwoordig."
- 5 'Amasa het gegaan om Y'hudah byeen te roep, maar hy het langer as die bepaalde tyd gevat wat hy vir hom vasgestel het.
- 6 Dawid het vir Avishai gesê: "Nou sal Sh'va, die seun van Bikhri, ons meer kwaad doen as Avshalom; vat jou meester se diensknegte en jaag hom agterna sodat hy nie miskien vir homself versterkte stede vind en uit ons oog ontsnap nie."
- 7 Yo'av se manne het uitgegaan agter hom aan, saam met die persoonlike wagte, die boodskappers en al die magtige manne en hulle het vanuit Yerushalayim gegaan om Sh'va, die seun van Bikhri, agterna te jaag.
- 8 Toe hulle by die groot klip was, wat in Gib'on is, kom 'Amasa hulle tegemoet. Yo'av was aangetrek in sy pantser en oor dit was 'n gordel met 'n swaard in sy skede wat by sy dy vasgemaak was en terwyl 'Amasa verskyn, plaas Yo'av sy hand op sy swaard.
- 9 Yo'av sê vir 'Amasa: "Gaan dit goed met jou, my broer?" Yo'av het 'Amasa met die regterhand aan die baard gegryp om hom te soen,

- 10 maar 'Amasa was nie op sy hoede vir die swaard wat in Yo'av se hand was nie. Toe steek hy hom daarmee in die maag en stort sy ingewande op die grond uit en hy het hom nie 'n tweede keer gesteeek nie en hy is dood. Toe het Yo'av en sy broer, Avishai, vir Sh'va, die seun van Bikhri, agternagejaag.
- 11 Daar het by hom een van Yo'av se jongmanne gestaan en gesê: "Wie ook al vir Yo'av kies en wie ook al vir Dawid is, volg vir Yo'av!"
- 12 'Amasa het egter in die middel van die hoofpad in sy bloed rondgerol en toe die man sien dat elkeen van die manne stil staan wanneer hulle by hom verbykom, het hy 'Amasa uit die pad uit verwyder in die veld in en 'n kleed oor hom gegooi.
- 13 Sodra hy van die hoofpad af verwyder is, het al die manne verbygegaan agter Yo'av aan om Sh'va, die seun van Bikhri, agterna te jaag.
- 14 Hy het deur al die stamme van Yisra'el getrek na Avel, Beit-Ma'akhah en die hele Berim en hulle is bymekaargemaak en het ook agter hom aan gegaan.
- 15 Hulle het gekom en hom in Abel-Beit-Ma'akhah beleër en 'n wal teen die stad opgegooi, wat teen die skanse opgerys het. Al die manskappe wat by Yo'av was, het verwoesting gesaai om die muur te laat val.
- 16 Toe roep 'n wyse vrou vanuit die stad: "Luister, luister! Sê asseblief vir Yo'av: 'Kom hier dat ek met u kan praat.'"
- 17 Hy het haar genader en die vrou sê: "Is u Yo'av?" Hy antwoord: "Ek is." Toe sê sy vir hom: "Hoor die woorde van u dienaars." Hy antwoord: "Ek luister."
- 18 Toe praat sy en sê: "Vroeër was hulle gewoond om te sê: 'Hulle sal sekerlik advies soek by Avel!' en so het hulle 'n verskil afgehandel."
- 19 Ek is een van die vredeliewendes en getroues in Yisra'el. U is daarop uit om 'n stad te vernietig, selfs 'n moeder in Yisra'el. Waarom wil u die erfenis van יהודה verteer?"
- 20 Yo'av antwoord: "Dit is ver, ver van my dat ek sou verslind of vernietig!"
- 21 Die saak is nie so nie, maar 'n man van die bergland van Efrayim, Sh'va, die seun van Bikhri, het sy hand opgelig teen koning Dawid. Lewer hom slegs uit, dan sal ek van die stad af wegtrek." Die vrou sê vir Yo'av: "Let op, sy kop sal oor die muur na u toe gegooi word."
- 22 Toe het die vrou in wysheid na die hele volk gekom en hulle het die kop van Sh'va, die seun van Bikhri, afgekap en dit na Yo'av gegooi. Toe het hy die ramshoring geblaas en hulle het uitmekaar gespat, weg van die stad af, elkeen na sy tent. Yo'av het ook na Yerushalayim, na die koning toe teruggegaan.
- 23 Yo'av was oor die hele leer van Yisra'el en B'nayah, die seun van Y'hoyada, oor die persoonlike wagte en oor die boodskappers
- 24 en Adoram was oor die dwangarbeid en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was die griffier.
- 25 Sh'va was skrywer en Tzadok en Avyatar priesters
- 26 en 'Ira, die Ya'iriet, was 'n bedienaar by Dawid.
- 21** 1 In die dae van Dawid was daar 'n hongersnood vir drie jaar lank; jaar ná jaar het Dawid die Teenwoordigheid van יהוה gesoek en יהוה het gesê: "Dit is vir Sha'ul en sy bebloede huis omdat hy die Giv'oniete doodgemaak het."

- 2 Die koning het die Giv'oniete geroep en met hulle gepraat. Die Giv'oniete was nie van die seuns van Yisra'el nie, maar van die oorblyfsel van die Emoriete en die seuns van Yisra'el het 'n verbond met hulle gesluit, maar Sha'ul het probeer om hulle dood te maak in sy ywer vir die seuns van Yisra'el en Y'hudah.^{Y'ho 9}
- 3 So het Dawid aan die Giv'oniete gesê: "Wat moet ek vir julle doen en waarmee moet ek toedekking doen dat julle die erfenis van יהודה kan seën?"
- 4 Toe sê die Giv'oniete vir hom: "Dit is nie silwer en goud wat die huis van Sha'ul ons skuld nie en dit is ook nie ons begeerte om enige iemand in Yisra'el dood te maak nie." Hy sê: "Ek sal vir julle doen wat julle ook al sê."
- 5 Hulle sê toe vir die koning: "Die man wat ons verteer het en beplan het om ons uit te wis binne enige grense van Yisra'el,
- 6 laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word en ons sal hulle voor יהודה hang in Giv'ah van Sha'ul, die gekose van יהודה!" Die koning het gesê: "Ek sal gee."
- 7 Die koning het eger vir M'fivoshet, die seun van Y'honatan, die seun van Sha'ul, gespaar vanweë die eed van יהודה wat tussen hulle was, tussen Dawid en Y'honatan, die seun van Sha'ul.
- 8 Die koning vat toe die twee seuns van Ritzpah, die dogter van Ayah, Armoni en M'fivoshet, wat vir Sha'ul gebore is en die vyf seuns van Merav, die dogter van Sha'ul, wat vir Adri'el, die seun van Barzillai, die Megolatiet, gebore is
- 9 en hy het hulle oorgegee in die hand van die Giv'oniete en hulle het hul opgehang in die berg voor die Teenwoordigheid van יהודה sodat al sewe saam geval het en hulle is gedood tydens die eerste dae van die oes, in die eerste dae van die gars oes.
- 10 Ritzpah, die dogter van Ayah, het 'n sak gevat en dit vir haarself uitgesprei op die rots, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemel daarop gereën het en sy het nie die voëls van die hemel oordag en ook nie die diere van die veld in die nag toegelaat om op hulle te sit nie.
- 11 Toe aan Dawid vertel is wat Ritzpah, die dogter van Ayah, die byvrou van Sha'ul, gedoen het,
- 12 het Dawid gegaan en die bene van Sha'ul en die bene van sy seun Y'honatan van die manne van Javesh-Gil'ad gaan haal, wat dit van die oop plein van Beit-Shan gesteel het, waar die F'lishtyne hulle opgehang het op die dag toe die F'lishtyne Sha'ul op Gilboa verslaan het.
- 13 Hy het die bene van Sha'ul en die bene van sy seun Y'honatan daarvandaan gebring en hulle het die bene van dié wat opgehang is, bymekaargemaak.
- 14 Hulle het die bene van Sha'ul en sy seun Y'honatan in die land van Binyamin, in Tzela, in die graf van sy vader Kish begrawe; so het hulle alles gedoen wat die koning beveel het en daarna is God deur gebed beweeg vir die land.
- 15 Toe die F'lishtyne weer in oorlog was met Yisra'el, het Dawid afgegaan en sy diensknegte saam met hom en terwyl hulle teen die F'lishtyne geveg het, het Dawid moeg geword.
- 16 Toe het Yishbi-B'nov, wat onder die nageslag van die reuse was, wie se spies se gewig drie honderd sikkels koper in gewig was en omgord was met 'n nuwe swaard, gedink om Dawid dood te maak,

- 17 maar Avishai, die seun van Tz'ruyah, het hom gehelp en die F'lishtyn verslaan en hom doodgemaak. Toe het die manne van Dawid tot hom gesweer en gesê: "U sal nie weer saam met ons uitgaan na die geveg nie sodat u nie die lamp van Yisra'el uitblus nie."
- 18 Dit het gebeur na hierdie dat daar weer oorlog was met die F'lishtyne in Gov. Toe het Sibkhai, die Hushatiet, vir Saf, wat onder die nageslag van die reuse was, verslaan.
- 19 Daar was weer oorlog met die F'lishtyne in Gov en Elganan, die seun van Ya'arei-Orgim, uit Beit-Legem, het Golyat, die Gittiet, wie se spiessteel soos 'n wewersbalk was, verslaan.
- 20 Daar was weer oorlog in Gat; waar daar 'n baie groot man was, wat ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier en twintig in getal, gehad het en ook hy is vir die reuse gebore.
- 21 Toe hy Yisra'el geminag het, het Y'honatan, die seun van Shim'ah, die broer van Dawid, hom verslaan.
- 22 Hierdie vier is gebore vir die reuse in Gat en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy diensknegte.

22 1 Dawid het die woorde van hierdie lied tot יהוה gespreek op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul.

- 2 Hy het gesê: "יהוה" is my Rots en my Vesting en my Bevryder;
- 3 my God, my Rots, by wie ek skuil;
my Skild en die Horing van my verlossing,
my Vesting en my Skuilplek;
my Verlosser, U red my van geweld.
- 4 Ek roep יהוה aan wat waardig is om geloof te word
en ek word van my vyande gered,
- 5 want die golwe van die dood het my omring,
stromen van wettelose manne het my bang gemaak.
- 6 Die bande van Sh'ol het my omring;
die strikke van die dood het my gekonfronteer.
- 7 In my benoudheid, het ek יהוה aangeroep, ja, ek het geroep tot my God
en vanaf Sy tempel het Hy my stem gehoor
en my hulpgeroep, in Sy ore.
- 8 Toe het die aarde geskud en gebewe,
die fundamente van die hemel het gesidder en is geskud
omdat Hy woedend was.
- 9 Rook het opgegaan vanuit Sy neusgate,
vuur vanuit Sy mond het verteer;
kole is daardeur aan die brand gestee.
- 10 Hy het die hemel neergebuig en afgekom,
met dik duisternis onder Sy voete.
- 11 Hy het op 'n gérub gery en gevlieg;
Hy het op die vlerke van die wind verskyn.

- 12 Hy het duisternis as afdakke rondom Hom gesit,
massas van waters, dik wolke van die lug.
- 13 Vanuit die helderheid voor Hom is kole voor Hom aan die brand gesteeek.
- 14 יהוה het vanuit die hemel gedonder
en die Allerhoogste het Sy stem laat hoor. Yeg 1:4-28; 10:1-22; Ps 18:8-14
- 15 Hy het pyle uitgestuur en hulle verstrooi,
weerligstrale en hulle op die vlug laat slaan.
- 16 Toe het die kanale van die see sigbaar geword,
die fondasies van die wêreld is blootgelê,
deur die bestraffing van יהוה,
by die blaas van die asem vanuit Sy neusgate.
- 17 Hy het vanuit die hoogte gestuur, Hy het my gegryp,
Hy het my uit baie waters getrek.
- 18 Hy het my bevry van my sterk vyand,
van die wat my haat, want hulle was te sterk vir my.
- 19 Hulle het my gekonfronteer op die dag van my nood,
maar יהוה was my ondersteuning.
- 20 Hy het my ook uitgebring in 'n ruim plek in,
Hy het my gered omdat Hy behae in my gehad het.
- 21 יהוה het my beloon volgens my onpartydige opregtheid;
volgens die reinheid van my hande het Hy my vergoed,
- 22 want ek het al die lewenswyses van יהוה gehou
en nie boos opgetree teenoor my God nie,
- 23 want al Sy regverdige oordele was voor my
en van Sy voorskrifte het ek nie afgewyk nie.
- 24 Ek was ook skuldloos teenoor Hom
en ek het myself weerhou van oortreding van die wet;
- 25 daarom het יהוה my vergoed volgens my onpartydige opregtheid,
volgens my reinheid voor Sy oë.
- 26 By die wat omgee, wys U Uself as een wat omgee,
by die skuldlose wys U Uself skuldloos,
- 27 by die reine, wys U Uself rein
en by die perverse, wys U Uself uitgeslape.
- 28 U verlos 'n verdrukte volk,
maar U oë is op die hoogmoediges; U verneder hulle,
- 29 want U is my Lamp, יהוה, ו
en יהוה verlig my duisternis, Ps 119:105
- 30 want met U loop ek 'n bende storm,
met die hulp van my God kan ek oor 'n muur spring.
- 31 Wat God betref, Sy pad is volmaak;
die woord van יהוה is getoets;
Hy is 'n Skild vir almal wat by Hom skuil,
- 32 want wie is God buiten יהוה
en wie is 'n Rots buiten ons God?

- 33 God, wat my omgord het met krag,
my pad volmaak gemaak het.
- 34 Hy maak my voete soos dié van hertooie,
en laat my staan op my hoë plekke.
- 35 Hy oefen my hande vir die geveg
sodat my arms 'n koper boog kan span.
- 36 U het ook vir my die skild van U verlossing gegee
en U hulp maak my groot.
- 37 U vergroot my treë onder my
en my voete het nie gegly nie.
- 38 Ek het my vyande agtervolg en hulle vernietig
en ek het nie teruggedraai voordat hulle verteer is nie.
- 39 Ek het hulle verteer en hulle verbrysel sodat hulle nie opstaan nie
en hulle het onder my voete geval,
- 40 want U het my met krag omgord vir die geveg,
U het hulle wat teen my opstaan aan my onderwerp.
- 41 U het ook my vyande hulle rug na my laat draai
en ek het dié vernietig wat my haat.
- 42 Hulle het gekyk, maar daar was niemand om te red nie;
selfs na יְהוָה, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
- 43 Toe het ek hulle gemaal soos die stof van die aarde,
ek het hulle fyn gebreek en vertrap soos die vuilgoed van die strate.
- 44 U het my ook bevry van die twiste van my mense;
U het my bewaar as hoof van die nasies;
'n volk wat ek nie geken het nie, dien my.
- 45 Uitlanders maak asof hulle my gehoorsaam;
sodra hulle hoor, gehoorsaam hulle my.
- 46 Uitlanders verloor moed
en kom bewend uit hulle vestings uit.
- 47 יְהוָה leef! Geseënd is my Rots.
Laat God verhewe wees, die Rots van my verlossing;
- 48 die God wat die wraak vir my uitoefen
en volke onder my onderwerp,
- 49 wat my ook uitbring onder my vyande;
U lig my selfs op bo dié wat teen my opstaan;
U red my van die man van geweld;
- 50 daarom sal ek aan U, o יְהוָה, dank bring tussen die nasies
en ek sal lofprysing sing tot U Naam (Karakter en Outoriteit); ^{Ps 18:50; Rom 15:9}
- 51 Hy is 'n toring van bevryding vir Sy koning
en wys sagte omgee aan Sy gesalfde,
aan Dawid en sy nageslag vir ewig."

- 23** 1 Nou, hierdie is die laaste woorde van Dawid:
 “Dawid, die seun van Yishai, verklaar,
 die man wat hoog opgelig is, verklaar,
 die gesalfde van die God van Ya'akov en die soet psalmis van Yisra'el:
 2 die Gees van יהוה praat deur my en Sy woord is op my tong.
 3 Die God van Yisra'el het gesê, die Rots van Yisra'el het met my gepraat: ‘Hy wat regverdig oor mense heers, wie heers in die respekvolle vrees van God,
 4 is soos die oggendlig by sonsopkoms, ’n oggend sonder wolke, wanneer grasspruitjies opkom uit die aarde, deur die sonskyn ná die reën.’
 5 Waarlik, is my huis nie so by God nie? Want Hy het ’n ewige verbond met my gesluit, vasgestel in alle dinge en verseker, want al my redding en begeertes, sal Hy dit nie inderdaad laat groei nie?
 6 Maar die deugniete, elkeen van hulle sal weggegooi word soos dorings, want hulle kan nie aan die hand gevat word nie,
 7 maar die man wat hulle aanraak moet bewapen wees met yster en die steel van ’n spies en hulle sal volkome verbrand word met vuur waar hulle is.”
 8 Hierdie is die name van die magtige manne wat Dawid gehad het:
 Yoshev-Bashevet, ’n Tag’kmoniet, die hoof van die bevelvoerders; hy is ’Adino die Etniet genoem omdat hy agt honderd op een slag doodgemaak het;
 9 ná hom was El’azar, die seun van Dodo, die Agogiet, een van die drie magtige manne by Dawid toe hulle die F’lishtyne geminag het wat daar bymekaar was om te veg en die manne van Yisra'el teruggetrek het.
 10 Hy het opgestaan en die F’lishtyne geslaan totdat sy hand moeg geword en aan die swaard vasgekleef het en יהוה daardie dag ’n groot oorwinning bewerk het en die manne het teruggekom ná hom net om te buit.
 11 Ná hom was Shammah, die seun van Age, die Harariet. Die F’lishtyne het bymekaargekom in ’n eenheid waar daar ’n stuk grond was vol lensies en die mense het vir die F’lishtyne gevlug,
 12 maar hy het gaan staan in die middel van die stuk grond, dit verdedig en die F’lishtyne verslaan en יהוה het ’n groot oorwinning bewerk.
 13 Drie van die dertig hoofde het afgegaan en teen die oestyd by Dawid, by die grot van ’Adullam, gekom terwyl ’n groep F’lishtyne gekamp het in die vallei van Refa'im.
 14 Dawid was toe in die vesting terwyl die garnisoen van die F’lishtyne in Beit-Legem was.
 15 Dawid het ’n begeerte gehad en het gesê: “O, dat iemand vir my water sou gee om te drink uit die put van Beit-Legem wat by die poort is!”
 16 Die drie magtige manne breek toe deur die kamp van die F’lishtyne en skep water uit die put van Beit-Legem wat by die poort was en vat dit na Dawid toe. Nogtans wou hy dit nie drink nie, maar het dit uitgegooi tot eer van יהוה
 17 en hy het gesê: “Mag dit ver van my wees, יהוה, dat ek dit sou doen! Sou ek die bloed drink van die manne wat in lewensgevaar gegaan het?” Hy wou dit daarom nie drink nie. Hierdie dinge het die drie magtige manne gedoen.

- 18 Avishai, die broer van Yo'av, die seun van Tz'ruyah, was hoof van die dertig. Hy het sy spies teen drie honderd geswaai en hulle doodgemaak en het 'n naam saam met die drie gehad.
- 19 Hy was die mees geëerde onder die dertig; daarom het hy hulle bevelvoerder geword, maar hy het nie by die eerste drie gekom nie.
- 20 Dan ook B'nayah, die seun van Y'hoyada, die seun van 'n dapper man van Kavtze'el, wat magtige dade gedoen het, het die twee seuns van 'Ari'el van Mo'av doodgemaak. Hy het ook afgegaan en 'n leeu binne-in 'n gat doodgemaak op 'n dag wat dit gesneeu het.
- 21 Hy het 'n Mitzrayimiet doodgemaak, 'n indrukwekkende man. Die Mitzrayimiet het 'n spies in die hand gehad, maar hy het na hom toe afgegaan met 'n staf en die spies uit die hand van die Mitzrayimiet geruk en hom met sy eie spies doodgemaak.
- 22 Hierdie dinge het B'nayah, die seun van Y'hoyada, gedoen en hy het 'n naam gehad saam met die drie magtige manne.
- 23 Hy was geëerd onder die dertig, maar hy het nie by die eerste drie gekom nie en Dawid het hom aangestel oor sy lyfwag.
- 24 'Asah'el, die broer van Yo'av, was onder die dertig;
Elghanan, die seun van Dodo, uit Beit-Legem;
- 25 Shammah, die Harodiet;
Elika, die Harodiet;
- 26 Heletz, die Paltiet;
'Ira, die seun van 'Ikesh, van T'koa;
- 27 Avi'ezer, van 'Anatot;
M'unai, die Hushatiet;
- 28 Tzalmon, die Agogiet;
Mahrai, die N'tofatiet;
- 29 Helev, die seun van Ba'anah, die N'tofatiet;
Ittai, die seun van Rivai, uit Giv'ah, van die seuns van Binyamin;
- 30 B'nayahu, die Pir'atoniet;
Hiddai, van die spruite van Ga'ash;
- 31 Avi-'Alvon, die 'Arvatiet;
'Azmavet, die Bagarumiet;
- 32 Elyagba, die Sha'alvoniet;
van die seuns van Yashen, Y'honatan;
- 33 Shammah, die Harariet;
Agi'am, die seun van Sharar, die Arariet;
- 34 Elifelet, die seun van Agashbai, die seun van die Ma'akhatiet;
Eli'am, die seun van Agitofel, die Gilohniet;
- 35 Hetzrai, die Karmeliet; Pa'arai, die Arbiet;
- 36 Yig'al, die seun van Natan, van Tzovah;
Bani, die Gadiet;
- 37 Tzelek, die 'Ammoniet en
Nagrai, die Be'erotiet, die wapendraers van Yo'av, die seun van Tz'ruyah;

38 'Ira, die Yitriet;

Garev, die Yitriet

39 Uriyah, die Hittiet; almal saam sewe en dertig.

- 24** 1 Die woede van יהוה het weer teen Yisra'el opgevlam. Dawid is teen hulle aangehits en daar is vir hom gesê: "Gaan tel Yisra'el en Y'hudah." ^{1 Kro 21:1}
- 2 Die koning het vir Yo'av, die bevelvoerder van die leër, wat by hom was, gesê: "Gaan deur al die stamme van Yisra'el, van Dan tot by Be'er-Sh'va en tel die volk sodat ek die getal mense kan weet."
- 3 Yo'av het egter vir die koning gesê: "Nou, mag יהוה, u God, by die volk honderd maal meer byvoeg as wat hulle is terwyl die oë van my meester die koning sien, maar waarom het my meester die koning behae in hierdie saak?"
- 4 Nogtans het die woord van die koning gestaan teenoor Yo'av en die bevelvoerders van die leër. Yo'av en die bevelvoerders van die leër het uitgegaan vanaf die teenwoordigheid van die koning om die mense van Yisra'el te tel.
- 5 Hulle het deur die Yarden gegaan en kamp opgeslaan in 'Aro'er, regs van die stad wat in die middel van die vallei van Gad lê en in die rigting van Ya'zer.
- 6 Toe het hulle in Gil'ad gekom en by die land van Tagtim-Hodshi en hulle het by Dan-Ya'an gekom en rondom na Tzidon
- 7 en gekom by die vesting van Tzor en by al die stede van die Hiviete en Kena'aniete en hulle het uitgekom na die suide van Y'hudah in Be'er-Sh'va.
- 8 Toe hulle rondgegaan het deur die hele land, het hulle in Yerushalayim aangekom aan die einde van nege maande en twintig dae.
- 9 Yo'av het die getal van die getelde mense aan die koning gegee en daar was in Yisra'el agt honderd duisend weerbare manne wat die swaard uittrek en die manne van Y'hudah was vyf honderd duisend man.
- 10 Dawid se gewete het hom gepla nadat hy die volk getel het. Dawid het vir יהוה gesê: "Ek het baie gesondig deur wat ek gedoen het, maar nou, יהוה, vat asseblief die skuld van U dienskneg weg, want ek het baie dwaas opgetree."
- 11 Toe Dawid in die oggend opstaan, het die woord van יהוה tot die profeet Gad, die siener van Dawid, gekom en gesê:
- 12 "Gaan en praat met Dawid: "So sê יהוה: 'Ek bied vir jou drie dinge aan, wat Ek aan jou sal doen; kies vir jouself een van hulle.'"
- 13 Gad het by Dawid gekom en hom vertel en vir hom gesê: "Sal daar sewe jaar lank hongersnood in jou land kom, of wil jy drie maande lank vlug voor jou teëstanders terwyl hulle jou agtervolg, of moet daar drie dae lank pes wees in jou land? Oorweeg nou en sien watter antwoord ek aan Hom wat my gestuur het, moet bring."
- 14 Toe sê Dawid vir Gad: "Ek is baie benoud; laat ons nou val in die hand van יהוה, want Sy onverdiende guns en omgee is groot, maar laat my nie in die hand van mense val nie."
- 15 יהוה het 'n pes onder Yisra'el gestuur vanaf die oggend tot op die bepaalde tyd en van Dan tot Be'er-Sh'va het daar van die mense sewentig duisend man gesterf.

- 16 Toe die boodskapper sy hand uitsteek na Yerushalayim om dit te vernietig, het יהוה teruggedruk van die katastrofe en aan die boodskapper wat die mense vernietig het gesê: “Dit is genoeg, ontspan nou jou hand!” Die boodskapper van יהוה was by die dorsvloer van Aravnah, die Y’vusiet.
- 17 Toe het Dawid met יהוה gepraat toe hy die boodskapper sien wat die mense doodslaen en gesê: “Let op, dit is ék wat gesondig het en ék wat verkeerd gedoen het, maar hierdie skape, wat het hulle gedoen? Laat u hand asseblief teen my en my vader se huis wees.”
- 18 Gad kom dieselfde dag by Dawid en sê vir hom: “Gaan op, bou vir יהוה ’n altaar op die dorsvloer van Aravnah, die Y’vusiet.”
- 19 Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad, net soos יהוה beveel het.
- 20 Aravnah het afgekyk en die koning en sy diensknegte na hom toe sien oorkom en Aravnah het uitgegaan en sy gesig na die grond toe neergebuig voor die koning.
- 21 Toe het Aravnah gesê: “Waarom kom my meester die koning na sy dienskneg?” Dawid antwoord: “Om die dorsvloer van jou te koop, om vir יהוה ’n altaar te bou sodat die plaag teruggehou kan word van die mense.”
- 22 Aravnah sê vir Dawid: “My meester die koning kan vat en offer wat goed is in sy oë. Kyk, die beste vir die brandoffer, die dorsleë en die jukke van die beste vir die hout.
- 23 Aravnah gee alles, o koning, aan die koning.” Aravnah het ook vir die koning gesê: “Mag יהוה, u God, u aanvaar.”
- 24 Die koning het egter vir Aravnah gesê: “Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir ’n prys, want ek wil nie aan יהוה, my God, brandoffers bring wat my niks kos nie.” Dawid het die dorsvloer en die beste gekoop vir vyftig sikkels silwer.”
- 25 Dawid het daar vir יהוה ’n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers gebring. So is יהוה deur gebed vir die land beweeg en die plaag is van Yisra’el af teruggehou.

Die tiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyfde boek van die Profete

Die vyfde boek van die Vroeëre Profete

M'lakhim Alef

(1 Konings)

מלכים - M'lakhim - Konings

M'lakhim Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die boek van 'Die Annale van die Konings' is bes moontlik
saamgestel vanuit die geskrifte van baie skrywers.

- 1 1 Koning Dawid was oud en ver gevorderd in jare en hulle het hom met klere toegemaak, maar hy kon nie warm word nie.
- 2 Sy diensknegte sê vir hom: "Laat hulle vir my meester die koning 'n jong maagd soek en laat sy die koning versorg en sy verpleegster word en laat haar in u skoot lê sodat my meester die koning warm kan bly."
- 3 Hulle het in die hele grondgebied van Yisra'el 'n mooi meisie gesoek en Avishag, die Shunamiet, gevind en haar na die koning toe gebring.
- 4 Die meisie was baie mooi en sy was vir die koning 'n verpleegster en het hom bedien, maar die koning het geen gemeenskap met haar gehad nie.
- 5 Nou, Adoniyah, die seun van Haggit, het homself verhoog en gesê: "Ek sal koning wees!" Hy het vir homself strydwaens en perderuiters voorberei en vyftig man om voor hom uit te hardloop.
- 6 Sy vader het hom nooit te eniger tyd teëgegaan deur te vra: "Waarom het jy so gemaak?" nie. Hy was ook altyd 'n baie aantreklike man en hy is ná Avshalom gebore.
- 7 Hy het met Yo'av, die seun van Tz'ruyah, beraadslag, asook met Evyatar, die priester en deur hom te volg het hulle Adoniyah gehelp.
- 8 Tzadok, die priester, B'nayah, die seun van Y'hoyada, Natan, die profeet, Shim'i, Re'i en die magtige manne van Dawid was nie by Adoniyah nie.
- 9 Adoniyah het kleinvee, beste en vetgemaakte vee geslag by die klip van Zogelet wat langs 'Ein-Rogel staan en al sy broers, die seuns van die koning en al die manne van Y'hudah, die diensknegte van die koning, genooi,
- 10 maar vir Natan, die profeet, B'nayah, die magtige manne en vir sy broer Shlomo, het hy nie genooi nie.
- 11 Toe praat Natan met Bat-Sh'va, die moeder van Shlomo en sê: "Het u nie gehoor dat Adoniyah, die seun van Haggit, koning geword het en dat ons meester Dawid dit nie weet nie?"
- 12 Kom dan nou, laat ek u asseblief raad gee dat u u lewe en die lewe van u seun Shlomo kan red.
- 13 Gaan dadelik na koning Dawid en sê vir hom: "Het ú nie, my meester die koning, vir u dienaresses gesweer en gesê: 'Jou seun Shlomo sal sekerlik koning wees ná my en hy sal op my troon sit,' nie? Waarom het Adoniyah dan koning geword?"
- 14 Let op, terwyl u nog daar is en met die koning praat, sal ek agter u inkom en u woorde bevestig."
- 15 Bat-Sh'va het ingegaan by die koning in die slaapkamer. Nou, die koning was baie oud en Avishag, die Shunamiet, het die koning bedien.
- 16 Toe het Bat-Sh'va gebuig en op die grond gaan lê voor die koning. Die koning het gesê: "Wat wil jy hê?"
- 17 Sy antwoord hom: "My meester, ú het by יהוה u God vir u dienaresses gesweer en gesê: 'U seun Shlomo sal sekerlik ná my koning wees en hy sal op my troon sit.'"
- 18 Nou, let op, Adoniyah is koning en nou, my meester die koning, u het dit nie geweet nie.

- 19 Hy het beeste, vetgemaakte vee en kleinvee in oorvloed geoffer en al die seuns van die koning, Evyatar, die priester en Yo'av, die bevelvoerder van die leër, genooi, maar hy het nie vir Shlomo, u dienskneg, genooi nie.
- 20 Wat ú betref, my meester, die koning, die oë van die hele Yisra'el is op u om vir hulle te vertel wie op die troon van my meester, die koning, ná hom sal sit.
- 21 Anders sal dit gebeur, sodra my meester die koning by sy vaders neergelê word dat ek en my seun Shlomo as oortreders beskou sal word."
- 22 Let op, terwyl sy nog met die koning praat, kom Natan, die profeet, in.
- 23 Hulle het dit vir die koning vertel en gesê: "Natan, die profeet, is hier." Toe hy voor die koning kom, het hy voor die koning met sy gesig op die grond gaan lê.
- 24 Toe sê Natan: "My meester die koning, het ú gesê: 'Adoniyah sal ná my koning wees en hy sal op my troon sit?',
- 25 want hy het vandag afgegaan en beeste, vetgemaakte vee en kleinvee in oorvloed geslag en al die seuns van die koning, die bevelvoerders van die leër en vir Evyatar, die priester, genooi en let op, hulle eet en drink voor hom en sê: 'Mag koning Adoniyah lewe!'
- 26 Vir my, u dienskneg, Tzadok, die priester, B'nayah, die seun van Y'hoyada en Shlomo, u dienskneg, het hy egter nie genooi nie.
- 27 Is hierdie saak deur my meester die koning gedoen en u het nie vir u diensknegte gewys wie op die troon van my meester die koning ná hom sal sit nie?"
- 28 Toe het koning Dawid gesê: "Roep Bat-Sh'va na my toe!" Sy het in die teenwoordigheid van die koning gekom en voor die koning gaan staan.
- 29 Toe sweer die koning en sê: "Soos יהוה leef wat my uit alle benoudheid verlos het,
- 30 sekerlik, soos ek vir jou by יהוה, die God van Yisra'el, gesweer en gesê het dat jou seun Shlomo ná my koning sal wees en dat hy op my troon sal sit in my plek, sal ek sekerlik vandag doen."
- 31 Toe het Bat-Sh'va met haar gesig na die grond toe neergebuig en voor die koning neergeval en gesê: "Mag my meester, koning Dawid, vir ewig leef!"
- 32 Toe het koning Dawid gesê: "Roep vir my Tzadok, die priester, Natan, die profeet en B'nayah, die seun van Y'hoyada." Hulle het in die koning se teenwoordigheid gekom.
- 33 Die koning het vir hulle gesê: "Vat die diensknegte van julle meester saam met julle en laat my seun Shlomo op my eie muil ry en bring hom af na Gigon toe.
- 34 Laat Tzadok, die priester en Natan, die profeet, hom daar as koning oor Yisra'el salf en blaas die ramshoring en sê: 'Koning Shlomo lewe!'
- 35 Dan moet julle agter hom aankom en hy moet kom en op my troon sit en koning wees in my plek, want ek het hom aangestel om heerser te wees, oor Yisra'el en Y'hudah."
- 36 B'nayah, die seun van Y'hoyada, antwoord die koning en sê: "Dit is waar! Mag יהוה, die God van my meester, die koning, so sê.
- 37 Soos יהוה met my meester die koning was, mag Hy so met Shlomo wees en sy troon groter maak as die troon van my meester, koning Dawid!"

- 38 Tzadok, die priester, Natan, die profeet, B'nayah, die seun van Y'hoyada, die persoonlike wagte en die boodskappers, het afgegaan en Shlomo laat ry op die muil van koning Dawid en hom na Gigon gebring.
- 39 Tzadok, die priester, het toe die horing met olie uit die tent gevat en Shlomo gesalf. Toe het hulle die ramshoring geblaas en die hele volk het gesê: "Koning Shlomo leef!"
- 40 Al die mense het agter hom aan opgegaan en die mense het op fluite gespeel en hulle verheug met groot blydschap sodat die aarde geskud het van hulle geraas.
- 41 Adoniyah en al die gaste wat by hom was, het dit gehoor toe hulle net klaar geëet het. Toe Yo'av die geluid van die ramshoring hoor, het hy gesê: "Hoekom is daar so 'n oproerigheid in die stad?"
- 42 Terwyl hy nog praat, let op, kom Y'honatan, die seun van Evyatar, die priester, daar aan. Toe sê Adoniyah: "Kom in, want jy is 'n dapper man en bring goeie nuus."
- 43 Y'honatan antwoord Adoniyah egter en sê: "Nee! Ons meester, koning Dawid, het Shlomo koning gemaak!"
- 44 Die koning het vir Tzadok, die priester, Natan, die profeet, B'nayah, die seun van Y'hoyada, die persoonlike wagte en die boodskappers saam met hom gestuur en hulle het hom op die koning se muil laat ry.
- 45 Tzadok, die priester en Natan, die profeet, het hom in Gigon as koning gesalf en hulle het daarvandaan met blydschap opgekom sodat die stad in oproer is; dit is die geraas wat julle gehoor het.
- 46 Buitendien, Shlomo het selfs op die koninklike troon gaan sit.
- 47 Meer nog, die diensknegte van die koning het gekom om ons meester, koning Dawid, te seën en gesê: 'Mag u God die naam (karakter en outoriteit) van Shlomo beter maak as u naam (karakter en outoriteit) en sy troon groter maak as u troon!' Toe het die koning op die bed neergebuig.
- 48 Die koning het ook so gesê: 'Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, wat vandag een gegee het om op my troon te sit terwyl my oë dit sien.'
- 49 Toe was al die gaste van Adoniyah bevrees en hulle het opgestaan en elkeen sy pad gegaan.
- 50 Adoniyah was bang vir Shlomo en hy het opgestaan en die horings van die altaar gaan vasgryp.
- 51 Dit is vir Shlomo vertel en gesê: "Let op, Adoniyah is bang vir koning Shlomo, want let op, hy hou die horings van die altaar vas en sê: 'Laat koning Shlomo vandag vir my sweer dat hy sy dienskneg nie met die swaard sal doodmaak nie.'"
- 52 Shlomo het gesê: "As hy 'n waardige man is, sal nie een van sy hare op die grond val nie, maar as boosheid in hom gevind word, sal hy sterf."
- 53 Koning Shlomo het gestuur en hulle het hom van die altaar afgebring en hy het gekom en voor koning Shlomo op die grond gaan lê en Shlomo het vir hom gesê: "Gaan na jou huis toe."

- 2 ¹ Toe die dae van Dawid naderkom dat hy sou sterf, het hy sy seun Shlomo beveel en gesê:
- 2 “Ek gaan op die pad van die hele aarde. Wees daarom onveranderlik sterk en wys jouself ’n man.
- 3 Onderhou die opdragte van יהוה, jou God, deur te loop op Sy paaie, deur Sy wette, Sy opdragte, Sy regverdige oordele en Sy getuienisse te gehoorsaam, volgens wat geskryf is in die wet van Mosheh sodat jy suksesvol kan wees in alles wat jy doen en waarheen jy ook al draai
- 4 sodat יהוה Sy beloftes kan uitvoer wat Hy aangaande my gesê het, naamlik: ‘As jou seuns versigtig is op hulle pad deur voor My in waarheid te loop met hulle hele gees en met hulle hele verstand, wil en emosie, sal daar nie vir jou ’n man op die troon van Yisra’el ontbreek nie.’
- 5 Jy weet ook wat Yo’av, die seun van Tz’ruyah, aan my gedoen het; wat hy aan die twee bevelvoerders van die leër van Yisra’el, Avner, die seun van Ner en Amasa, die seun van Yeter, gedoen het; wat hy vermoor het en ook oorlogsbloed in vrede tyd vergiet het en hy het die oorlogsbloed op sy gordel om sy heupe en op die sandale aan sy voete gesit.
- 6 Tree op volgens jou wysheid en moenie sy grys hare in vrede in Sh’ol laat afgaan nie,
- 7 maar wys goedheid aan die seuns van Barzillai, die Gil’adiet en laat hulle wees onder dié wat aan jou tafel eet, want hulle het my bygestaan toe ek vir jou broer Avshalom gevlug het.
- 8 Let op, Shim’i, die seun van Gera, die Binyaminiet van Bagurim, is daar by jou; dit is hy wat my vervloek het met ’n hewige vloek op die dag toe ek na Maganayim gegaan het, maar toe hy afgekom het na my by die Yarden, het ek vir hom by יהוה gesweer en gesê: “Ek sal jou nie met die swaard doodmaak nie.”
- 9 Nou, daarom moet jy hom nie ongestraf laat bly nie, want jy is ’n wyse man en jy sal weet wat jy aan hom moet doen en sy grys hare met bloed in Sh’ol afbring.”
- 10 Toe is Dawid by sy vaders neergelê en is begrawe in die stad van Dawid.
- 11 Die dae wat Dawid oor Yisra’el regeer het, was veertig jaar: in Hevron het hy sewe jaar regeer en drie en dertig jaar in Yerushalayim.
- 12 Shlomo het op die troon van Dawid, sy vader, gaan sit en sy koningskap was stewig vasgemaak.
- 13 Adoniyah, die seun van Haggit, het na Bat-Sh’va, die moeder van Shlomo, gekom en sy het gevra: “Kom jy in vrede?” Hy antwoord: “In vrede.”
- 14 Toe het hy gesê: “Ek het iets om vir u te sê.” Sy antwoord: “Praat.”
- 15 Hy het gesê: “U weet dat die koningskap myne was en dat die hele Yisra’el verwag het dat ek koning sou wees; die koningskap het egter oorgegaan en my broer s’n geword, want dit was syne vanaf יהוה.
- 16 Nou rig ek een versoek tot u; moet my nie weier nie.” Sy antwoord hom: “Praat.”
- 17 Toe sê hy: “Praat asseblief met Shlomo, die koning, want hy sal u nie weier nie, dat hy Avishag, die Shunamiet, vir my as vrou moet gee.”
- 18 Bat-Sh’va het gesê: “Goed, ék sal met die koning namens jou praat.”

- 19 Bat-Sh'va het na koning Shlomo gegaan om met hom namens Adoniyah te praat en die koning het opgestaan om haar te ontmoet, voor haar neergebuig en op sy troon gaan sit; toe het hy vir die moeder van die koning 'n troon laat opstel en sy het aan sy regterhand gesit.
- 20 Toe sê sy: "Ek het een klein versoekie vir u; moet my nie weier nie." Die koning antwoord haar: "Vra, my moeder, want ek sal u nie weier nie."
- 21 Sy sê: "Laat Avishag, die Shunamiet, vir u broer Adoniyah as vrou gegee word."
- 22 Koning Shlomo antwoord en sê vir sy moeder: "Waarom vra u Avishag, die Shunamiet, vir Adoniyah? Vra ook die koningskap vir hom, want hy is my ouer broer; vir hom, vir Evyatar, die priester en vir Yo'av, die seun van Tz'ruyah!"
- 23 Toe sweer koning Shlomo by יהוה en sê: "Mag God so aan my doen en ook meer, as Adoniyah nie hierdie woord teen sy eie lewe gepraat het nie.
- 24 Nou, daarom, soos יהוה leef wat my bevestig het en my op die troon van my vader Dawid laat sit en vir my 'n huis gemaak het volgens sy belofte, sal Adoniyah sekerlik vandag doodgemaak word!"
- 25 Koning Shlomo het vir B'nayah, die seun van Y'hoyada gestuur en hy het hom aangeval sodat hy dood is.
- 26 Toe sê die koning vir Evyatar, die priester: "Gaan na `Anatot, na jou eie grond, want jy verdien om te sterf, maar ek sal jou nie nou doodmaak nie omdat jy die ark van die Meester, יהוה, voor my vader Dawid uit gedra het en omdat jy alles gely het wat my vader gely het."
- 27 So het Shlomo Evyatar ontslaan sodat hy nie meer priester van יהוה was nie, om die woord van יהוה te vervul wat Hy oor die huis van `Eli in Shiloh gespreek het.
- 28 Die nuus het by Yo'av gekom, want Yo'av het Adoniyah gevolg, alhoewel hy nie vir Avshalom gevolg het nie. Yo'av het na die tent van יהוה gevlug en die horings van die altaar vasgegryp.
- 29 Dit is vir koning Shlomo vertel dat Yo'av gevlug het na die tent van יהוה en let op, hy is langs die altaar! Toe stuur Shlomo vir B'nayah, die seun van Y'hoyada en sê: "Gaan, val hom aan."
- 30 B'nayah het by die tent van יהוה gekom en vir hom gesê: "So het die koning gesê: "Kom uit." Hy sê egter: "Nee, want ek sal sterf." B'nayah het weer woord na die koning gebring en gesê: "Só het Yo'av gepraat en só het hy my geantwoord."
- 31 Die koning sê vir hom: "Doen soos hy gepraat het en val hom aan en begrawe hom sodat jy die onskuldige bloed wat Yo'av vergiet het, van my en my vader se huis af kan verwyder.
- 32 יהוה sal sy bloed op sy eie kop laat terugkeer omdat hy twee manne, meer onpartydig opreg en beter as hy, aangeval en hulle met die swaard vermoor het sonder dat my vader Dawid daarvan geweet het: Avner, die seun van Ner, die bevelvoerder van die leer van Yisra'el en `Amasa, die seun van Yeter, die bevelvoerder van die leer van Y'hudah
- 33 sodat hulle bloed op die kop van Yo'av en op die kop van sy nageslag vir ewig kan terugkeer, maar vir Dawid, sy nageslag, sy huis en sy troon, mag daar vrede wees vanaf יהוה vir ewig."

- 34 Toe het B'nayah, die seun van Y'hoyada, opgegaan en hom aangeval en hom doodgemaak en hy is begrawe by sy eie huis in die wildernis.
- 35 Die koning het vir B'nayah, die seun van Y'hoyada, in sy plek oor die leër aangestel en die koning het Tzadok, die priester, aangestel in die plek van Evyatar.
- 36 Die koning het vir Shim'i laat roep en vir hom gesê: "Bou vir jouself 'n huis in Yerushalayim en leef daar, moenie van daar af uitgaan na enige plek toe nie, want op die dag dat jy uitgaan en oor die spruit Kidron gaan, moet jy verseker weet dat jy sekerlik sal sterf; jou bloed sal op jou eie kop wees."
- 38 Shim'i sê toe vir die koning: "Die woord is goed. Soos my meester, die koning, gesê het, so sal u dienskneg doen." Shim'i het baie dae in Yerushalayim gebly, maar dit het gebeur aan die einde van drie jaar dat twee van Shim'i se slawe weggeloop het na Akhish, die koning van Gat, die seun van Ma'akhah. Hulle het vir Shim'i vertel en gesê: "Let op, jou slawe is in Gat."
- 40 Toe staan Shim'i op en saal sy donkie op en gaan na Gat, na Akhish, om sy slawe te soek en Shim'i het gegaan en sy slawe van Gat af gebring.
- 41 Dit is vir Shlomo vertel dat Shim'i uit Yerushalayim na Gat gegaan en teruggekom het.
- 42 Die koning stuur en laat vir Shim'i roep en sê vir hom: "Het ek jou nie by יהוה laat sweer en jou ernstig gewaarsku en gesê: "Jy moet verseker weet dat op die dag dat jy weggaan en na enige plek gaan, sal jy sekerlik sterf," nie? Jy het vir my gesê: 'Die woord wat ek gehoor het, is goed.'
- 43 Waarom het jy dan nie die eed van יהוה en die opdrag wat ek jou opgelê het, gehou nie?"
- 44 Die koning het ook vir Shim'i gesê: "Jy ken self al die boosheid wat jy erken in jou verstand, wat jy aan my vader Dawid gedoen het; daarom sal יהוה jou boosheid op jou eie kop laat terugkeer,
- 45 maar koning Shlomo sal geseënd wees en die troon van Dawid sal voor יהוה vir ewig bevestig word!"
- 46 Die koning het B'nayah, die seun van Y'hoyada, beveel en hy het uitgegaan en hom aangeval sodat hy gesterf het. So is die koningskap bevestig in die hand van Shlomo.
- 3** 1 Shlomo het 'n huweliksooreenkoms met Farao, die koning van Mitzrayim, gesluit en die dogter van Farao gevat en haar in die stad van Dawid ingebring totdat hy met die bou van sy eie huis, die huis van יהוה en die muur van Yerushalayim rondom klaar was.
- 2 Die mense het steeds op die hoë plekke geoffer omdat tot en met daardie dae daar geen huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gebou was nie.
- 3 Shlomo het יהוה liefgehad en geloop in die instellings van sy vader Dawid, behalwe dat hy op die hoogtes geoffer en wierook laat opgaan het.
- 4 Die koning het na Giv'on gegaan om daar te offer omdat dit die grootste hoë plek was; Shlomo het 'n duisend brandoffers op daardie altaar geoffer. ^{2 Kro 1:3; 5:2-5}
- 5 In Giv'on het יהוה in 'n droom in die nag aan Shlomo verskyn en God het gesê: "Vra wat Ek aan jou moet gee."

- 6 Toe sê Shlomo: "U het aan u kneg, my vader Dawid, baie liefdevolle omgee gewys, soos wat hy voor U Teenwoordigheid geloop het in waarheid, in onpartydige opregtheid en in opregtheid van verstand, wil en emosie teenoor U en U het vir hom hierdie groot liefdevolle omgee bewaar dat U vir hom 'n seun gegee het om op sy troon te sit, soos dit vandag is.
- 7 Nou, יהוה, my God, U het U kneg koning gemaak in my vader Dawid se plek, maar ek is nog 'n jong seun; ek weet nie hoe om uit of in te gaan nie.
- 8 U kneg is tussen U volk wat U gekies het, 'n groot volk wat te veel is om getel of genommer te kan word.
- 9 Gee vir U dienskneg 'n begripvolle verstand, wil en emosie om U volk te oordeel; om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie is in staat om hierdie groot volk van U te regeer?"
- 10 Dit was goed in die oë van יהוה dat Shlomo dit gevra het.
- 11 God het vir hom gesê: "Omdat jy hierdie gevra het en nie vir jouself 'n lang lewe gevra het nie en ook nie rykdom vir jouself gevra het nie en ook nie die lewe van jou vyande gevra het nie, maar vir jouself onderskeiding gevra het om wat reg is te verstaan,
- 12 let op, Ek het volgens jou woorde gedoen. Let op, Ek het vir jou 'n wyse en onderskeidende verstand, wil en emosie gegee sodat daar geen een soos jy vóór jou was en een soos jy ná jou sal opstaan nie.
- 13 Ek het ook vir jou gegee wat jy nie gevra het nie, beide rykdom en eer sodat daar onder die konings niemand soos jy sal wees nie, al jou dae.
- 14 As jy in My paaie loop, My wette en opdragte onderhou, soos jou vader Dawid geloop het, dan sal Ek jou dae verleng."
- 15 Toe word Shlomo wakker en let op, dit was 'n droom! Hy het in Yerushalayim gekom en voor die ark van die verbond van יהוה gaan staan en brandoffers gebring en vredesoffers voorberei en 'n feesmaal vir al sy diensknegte voorberei.
- 16 Toe kom daar twee vroue, wat prostitute was, na die koning en staan voor hom.
- 17 Die een vrou het gesê: "Ag, my meester, hierdie vrou en ek woon in dieselfde huis en ek het geboorte gegee aan 'n kind terwyl sy in die huis was.
- 18 Dit het op die derde dag na ek geboorte gegee het, gebeur dat hierdie vrou ook geboorte gegee het en ons was saam. Daar was niemand anders by ons in die huis nie, slegs ons twee in die huis.
- 19 Hierdie vrou se seun het in die nag gesterf omdat sy op hom gelê het.
- 20 Sy staan toe in die middel van die nag op en vat my seun van langs my weg terwyl u dienaars slaap en sit hom aan haar bors en lê haar dooie seun aan my bors.
- 21 Toe ek die oggend opstaan om my seun te versorg, let op, hy is dood, maar toe ek in die oggend versigtig na hom kyk, let op, hy was nie my seun, waaraan ek geboorte gegee het nie!"
- 22 Toe sê die ander vrou: "Dit is nie so nie, want die lewendige een is my seun en die dooie is jou seun." Die eerste vrou sê egter: "Nee, want die dooie een is jou seun en die lewendige een is my seun." So het hulle voor die koning gepraat.

- 23 Die koning het gesê: "Die een sê: 'Hierdie is my seun wat lewe en jou seun is die dooie een;' en die ander sê: 'Nee, want die dooie een is jou seun en my seun die lewendige een.'
- 24 Toe sê die koning: "Bring vir my 'n swaard!" Hulle het 'n swaard voor die koning gebring.
- 25 Die koning het gesê: "Verdeel die lewendige seun in twee en gee die helfte vir die een en die helfte vir die ander."
- 26 Toe praat die vrou, wie se kind lewendig was, met die koning, want sy was diep ontroerd oor haar seun en sê: "Ag, my meester, gee vir haar die lewendige kind en maak hom nie dood nie!" Die ander een het egter gesê: "Hy sal nie myne of joune wees nie; verdeel hom!"
- 27 Toe sê die koning: "Gee die lewendige kind aan die eerste vrou en maak hom in geen geval dood nie. Sy is die moeder."
- 28 Toe die hele Yisra'el hoor van die oordeel wat die koning uitgespreek het, was hulle bang vir die koning, want hulle het gesien dat die wysheid van God, om reg te laat geskied, in hom was.
- 4** 1 Koning Shlomo was nou koning oor die hele Yisra'el.
- 2 Hierdie was sy ampsdraers: 'Azaryah, die seun van Tzadok, die priester;
- 3 Eligoref en Agiyah, die seuns van Shisha, was sekretarisse; Y'hoshafat, die seun van Agilud, was griffier.
- 4 B'nayah, die seun van Y'hoyada, was oor die leër en Tzadok en Evyatar was priesters.
- 5 'Azaryah, die seun van Natan, was oor die aangesteldes en Zavud, die seun van Natan, 'n priester, was die vriend van die koning.
- 6 Agishar was oor die huishouding en Adoniram, die seun van 'Avda, was oor die manne onder dwangarbeid.
- 7 Shlomo het twaalf bestuurders oor die hele Yisra'el gehad wat vir die koning en sy huishouding voorsien het; elke man moes vir 'n maand in die jaar voorsien.
- 8 Hierdie is hulle name: "Ben-Hur in die Bergland van Efrayim;
- 9 Ben-Deker in Makatz, Sha'albim, Beit-Shemesh en Eilon-Beit-Hanan;
- 10 Ben-Hesed in Arubbot, Sokhoh en die hele land Hefer was syne;
- 11 Ben-Avinadav, al die hoogtes van Dor; Tafat, die dogter van Shlomo, was sy vrou.
- 12 Ba'ana, die seun van Agilud: Ta'anakh, Megiddo en die hele Beit-Sh'an wat langs Tzartan, onderkant Yizre'el lê, van Beit-Sh'an af tot by Avel-M'golah, so ver as tot by die anderkant van Yokme'am.
- 13 Ben-Gever in Ramot-Gil'ad; die dorpe van Ya'ir, die seun van M'nasheh, wat in Gil'ad lê was syne; die streek Argov, wat in Bashan lê; sestig groot stede met mure en koper grendels, was syne.
- 14 Aginadav, die seun van 'Iddo, in Maganayim.
- 15 Agima'atz in Naftali; hy het ook met Basmat, dogter van Shlomo, getrou.
- 16 Ba'ana, die seun van Hushai, in Asher en B'alot;
- 17 Y'hoshafat, die seun van Paruag, in Yissakhar;

- 18 Shim'i, die seun van Ela, in Binyamin;
- 19 Gever, die seun van Uri, in die land Gil'ad, die land van Sigon, die koning van die Emoriete en van 'Og, die koning van Bashan; hy was die enigste bestuurder in die land.
- 20 Y'hudah en Yisra'el was so talryk soos die sand wat aan die seestrand ^{Gen 13:16} in oorvloed is; hulle het geëet en gedrink en hulle verheug.
- 21 Shlomo het geheers oor al die koninkryke vanaf die Rivier tot by die land van die F'lishtyne en tot by die grens van Mitzrayim; hulle het belasting gebring en Shlomo gedien al die dae van sy lewe.
- 22 Shlomo se voorsiening vir een dag was dertig mates (6600 liter) fyn meel en sestig mates (13200 liter) meel;
- 23 tien vetgemaakte beeste, twintig veldbeeste, 'n honderd stuks kleinvee, behalwe die takbokke, gaselle, reebokke en vetgemaakte pluimvee,
- 24 want hy het outoriteit gehad oor alles wes van die Rivier, vanaf Tifsag tot by Gazah, oor al die konings wes van die Rivier en hy het vrede gehad aan alle kante rondom hom.
- 25 Y'hudah en Yisra'el het in veiligheid gebly, elke man onder sy wingerdstok en sy vyeboom, van Dan tot by Be'er-Sh'va, al die dae van Shlomo. ^{Lev 26:5}
- 26 Shlomo het veertig duisend stalle met perde gehad vir sy strydwaens en twaalf duisend perderuiters.
- 27 Daardie bestuurders het elkeen in sy maand vir koning Shlomo voorsien en almal wat na koning Shlomo se tafel toe kom; hulle het niks laat kortkom nie.
- 28 Hulle het ook die gars, die strooi vir die perde en die renperde gebring na die plek waar dit moes wees, elkeen volgens sy kwota.
- 29 God het aan Shlomo wysheid gegee, 'n baie groot onderskeiding en 'n breedte van insig soos die sand wat op die seestrand is.
- 30 Shlomo se wysheid was meer as die wysheid van al die seuns van die Ooste en as al die wysheid van Mitzrayim,
- 31 want hy was wyser as al die mense, as Eitan, die Ezragiet, Heiman, Kalkol en Darda, die seuns van Magol en sy beroemdheid was bekend onder al die nasies rondom.
- 32 Hy het ook drie duisend spreuke uitgespreek en sy liedere was 'n duisend en vyf.
- 33 Hy het van bome gepraat, van die seder wat in die L'vanon is tot by die hisop wat teen die muur groei; hy het ook gepraat van diere, voëls, kruipende diere en visse.
- 34 Mense van al die volke het gekom om na die wysheid van Shlomo te luister, vanaf al die konings van die aarde wat van sy wysheid gehoor het.
- 5** 1 Hiram, die koning van Tzor, het sy diensknegte na Shlomo gestuur toe hy gehoor het dat hulle hom in sy vader se plek as koning gesalf het, want Hiram was altyd 'n vriend van Dawid.
- 2 Daarop laat Shlomo vir Hiram weet en sê:
- 3 "U weet dat my vader Dawid geen huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, kon bou nie vanweë die oorloë wat hom omring het totdat יהוה hulle onder sy voetsole gesit het (aan hom onderwerp het), ^{Rom 16:20}

- 4 maar nou het יהוה, my God, my rus gegee aan elke kant; daar is geen teëstander of teëspoed nie.
- 5 Let op, ek beplan om vir die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, my God, 'n huis te bou soos יהוה met my vader Dawid gepraat en gesê het: 'Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal sit, hy sal die huis vir My Karakter en Outoriteit bou.'
- 6 Nou, daarom, beveel dat hulle vir my seders uit die L'vanon kap en laat my diensknegte saam met u diensknegte wees en ek sal vir u die lone van u diensknegte gee volgens alles wat u sê, want u weet dat onder ons niemand is wat weet hoe om bome te kap soos die Tzidoniete nie."
- 7 Toe Hiram die woorde van Shlomo hoor, was hy baie bly en het gesê: "Geseënd is יהוה vandag wat vir Dawid 'n wyse seun oor hierdie groot volk gegee het."
- 8 Hiram laat weet vir Shlomo en sê: "Ek het die boodskap gehoor wat u vir my gestuur het; ék sal alles wat u begeer aangaande die sederhout en die sipreshout, doen.
- 9 My diensknegte sal dit van die L'vanon afbring na die see en ék sal hulle daar in vlotte maak op die see, tot by die plek wat u my sal wys en ek sal dit daar uitmekaar laat haal en ú sal dit laat wegdra. Dan sal ú my behoefte vervul deur kos aan my huishouding te gee."
- 10 So het Hiram dan vir Shlomo sederhout en sipreshout gegee, soveel as wat hy wou hê.
- 11 Shlomo het toe vir Hiram 4 400 ton koring as voedsel vir sy huis en 4 400 liter uitgestampte olie gegee; so het Shlomo jaar vir jaar vir Hiram gegee.
- 12 יהוה het vir Shlomo wysheid gegee, net soos Hy hom belowe het en daar was vrede tussen Hiram en Shlomo en hulle twee het 'n verbond gesluit.
- 13 Koning Shlomo het dwangarbeiders uit die hele Yisra'el getrek en die dwangarbeiders was dertig duisend man.
- 14 En hy het hulle na L'vanon gestuur in aflossings van tien duisend per maand; een maand was hulle in L'vanon, twee maande tuis. Adoniram was oor die dwangarbeiders.
- 15 Shlomo het sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge gehad, ^{2 Kro 2:17,18}
- 16 behalwe vir die drie duisend drie honderd hoofopsigters van Shlomo wat oor die projek was en bevel gevoer het oor die mense wat die werk doen.
- 17 Toe het die koning beveel en hulle het groot klippe, kosbare klippe, uitgebreek om die fondament van die huis met gekapte klippe te lê.
- 18 Shlomo se bouers, Hiram se bouers en die G'valiete het dit gekap en die boomstamme en die klippe voorberei om die huis te bou.
- 6** 1 Dit het gebeur in die vier honderd en tagtigste jaar ná die seuns van Yisra'el uit die land van Mitzrayim uitgekom het, in die vierde jaar van Shlomo se regering oor Yisra'el, in die maand Ziv, dit is die tweede maand, dat hy begin het om die huis van יהוה te bou.
- 2 Die huis wat koning Shlomo vir יהוה gebou het, was sestig el in sy lengte, twintig in sy breedte en dertig el in sy hoogte.

- 3 Die buiteportaal, aan die voorkant van die hoofdeel van die huis, was twintig el in sy lengte, ooreenstemmend met die breedte van die huis en tien el diep aan die voorkant van die huis.
- 4 Hy het ook vir die huis vensters gemaak met kunstige rame.
- 5 Teen die muur van die huis het hy verdiepings gebou reg rondom die mure van die huis, rondom die hoof vertrek en die binneste vertrek; so het hy sykamers reg rondom gemaak.
- 6 Die onderste verdieping was vyf el breed, die middelste ses el breed en die derde sewe el breed, want hy het insnydings in die muur van die huis reg rondom gemaak sodat die balke nie in die mure van die huis ingevoeg word nie.
- 7 Die huis, in die bou daarvan, is gebou met klippe wat klaar voorberei is by die breekplek en daar was geen hamer, byl of enige ystergereedschap, in die huis gehoor terwyl dit gebou is nie.
- 8 Die ingang vir die onderste sykamer was aan die regterkant van die huis en hulle sou opgaan met wenteltrappe na die middelste en van die middelste na die derde.
- 9 Hy het die huis gebou en dit klaar gemaak en hy het die huis bedek met balke en planke van sederhout.
- 10 Hy het ook bykomende kamers vas teen die hele huis gebou; elkeen was vyf el hoog en hulle was vas aan die huis met balke van seder.
- 11 Die woord van יהוה het tot Shlomo gekom en gesê:
- 12 “Aangaande hierdie huis wat jy besig is om te bou, as jy in My wette loop en My regverdige oordele uitvoer en al My opdragte hou deur daarin te loop, dan sal Ek My woord uitvoer wat Ek met jou vader Dawid gepraat het.
- 13 Ek sal tussen die seuns van Yisra'el bly en My volk Yisra'el nie in die steek laat nie.”
- 14 Shlomo het die huis gebou en dit voltooi.
- 15 Toe het hy die mure van die huis aan die binnekant gebou met planke van seder; van die vloer van die huis af tot by die plafon het hy dit van binne met hout oordek en die vloer van die huis het hy met planke van sipres oorgetrek.
- 16 Hy het twintig el aan die agterkant van die huis met planke van seder gebou, van die vloer af tot by die plafon; hy het dit aan die binnekant as 'n binnevertrek gebou, as 'n Mees Afgesonderde plek.
- 17 Die huis, dit is die hoofvertrek voor, was veertig el lank.
- 18 Daar was sederhout aan die huis se binnekant: graveerwerk in die vorm van kalbasse en oop blomme; alles was sederhout, geen klip was te sien nie.
- 19 Toe het hy die binnevertrek binne-in die huis voorberei om die ark van die verbond van יהוה daar te sit.
- 20 Die binnevertrek was twintig el in lengte, twintig el in breedte en twintig el in hoogte en hy het dit oorgetrek met suiwer goud. Hy het ook die altaar met sederhout oorgetrek.
- 21 Shlomo het die huis van binne met suiwer goud oorgetrek en hy het goue kettings gemaak voor die binnevertrek, wat hy met goud oorgetrek het.
- 22 Hy het die hele huis met goud oorgetrek totdat die hele huis voltooi was. Ook die hele altaar wat by die binnevertrek hoort, het hy met goud oorgetrek.

- 23 Hy het ook in die binnevertrek twee gérubs gemaak van olyfhout, elkeen tien el hoog.
- 24 Die een vlerk van die gérub was vyf el en vyf el die ander vlerk van die gérub; tien el van die punt van een vlerk tot by die end van die ander.
- 25 Die ander gérub was tien el; altwee die gérubs was van een maat en een vorm.
- 26 Die hoogte van die een gérub was tien el en net so die ander gérub.
- 27 Hy het die gérubs in die middel van die binnevertrek gesit en die vlerke van die gérubs was uitgesprei sodat die vlerk van die een aan die een muur en die vlerk van die ander gérub aan die ander muur raak terwyl hulle vlerke in die middel van die vertrek aan mekaar raak.
- 28 Hy het ook die gérubs met goud oorgetrek.
- 29 Toe het hy al die mure van die huis rondom, die binne- en die buitevertrek, met figure van gérubs, palmbome en oop blomme laat ingrapeer.
- 30 Hy het die vloer van die huis, die binne- en buitevertrek, met goud oorgetrek.
- 31 Vir die ingang van die binnevertrek het hy deure van olyfhout gemaak. Die latei en die deurraam was 'n vyfde van die muur.
- 32 Hy het twee deure gemaak van olyfhout en daarop het hy figure van gérubs, palmbome en oop blomme laat ingrapeer en dit met goud oorgetrek en hy het die goud oor die gérubs en die palmbome uitgespan.
- 33 So het hy ook vir die ingang van die hoofvertrek vierkantige deurrame van olyfhout gemaak
- 34 en twee deure van sipreshout; die twee blaaië van die een deur het op draaipunte gedraai en die twee blaaië van die ander deur op draaipunte.
- 35 Hy het gérubs, palmbome en oop blomme daarop ingrapeer en dit met goud, eweredig versprei oor die grapeerwerk, oorgetrek.
- 36 Hy het die binnehof gebou met drie rye gekapte klip en 'n ry sederbalke.
- 37 In die vierde jaar is die fondament van die huis van יהוה gelê, in die maand Ziv.
- 38 In die elfde jaar, in die maand van Bul, dit is die agtste maand, is die huis voltooi in al sy dele en volgens al sy planne. Hy het sewe jaar lank daaraan gebou.
- 7** 1 Shlomo het dertien jaar aan sy eie huis gebou en die hele huis voltooi.
- 2 Hy het die Huis van die Woud van L'vanon gebou, honderd el in sy lengte, vyftig el in sy breedte en dertig el in sy hoogte, op vier rye sederpilare en sederbalke op die pilare.
- 3 Dit was met sederhout gedek van bo, op balke wat rus op die vyf en veertig pilare, vyftien in elke ry.
- 4 Daar was drie rye kunstige vensters en venster was oorkant venster in drie rye.
- 5 Al die deure en openinge het vierkantige uitgekerfde deurrame gehad en elke deur was oorkant 'n deur in drie rye.
- 6 Toe het hy die Saal van Pilare gemaak; sy lengte was vyftig el en sy breedte dertig el, met 'n portaal daarvoor en pilare en 'n ingang voor hulle.
- 7 Hy het die troonsaal gemaak waar hy sou regspraak gee, die regsaaal en dit was gedek met sederhout vanaf die vloer tot by die plafon.

- 8 Sy huis waar hy sou woon, die buitehof, aan die binnekant van die saal, was van dieselfde vakmanskap. Hy het ook so 'n huis gemaak vir die dogter van Farao, waarmee Shlomo getroud is.
- 9 Dit was alles van kosbare klippe, wat volgens maat gekap is, binne en buite met sae gesaag, vanaf die fondament tot by die muurplate en net so aan die buitekant, tot by die groot hof.
- 10 Die fondasie was van kosbare klippe, groot klippe, klippe van tien el en klippe van agt el.
- 11 Bo was kosbare klippe, volgens maat gekap en sederhout.
- 12 Die groot hof was rondom van drie rye gekapte klip en 'n laag sederbalke, net soos die binnehof van die huis van יהיה' en die portaal van die huis.
- 13 Koning Shlomo het gestuur en Hiram uit Tzor gebring. ^{2 Kro 2:13,14}
- 14 Hy was die seun van 'n weduwee uit die stam van Naftali en sy vader was 'n man van Tzor, 'n kopersmid en hy was vol wysheid, begrip en bekwaamheid om enige werk in koper te maak. Hy het by koning Shlomo gekom en al sy werk gedoen.
- 15 Hy het die twee pilare van koper gevorm; agttien el was die hoogte van een pilaar en 'n lyn van twaalf el kon die omtrek van beide meet.
- 16 Hy het ook twee pilaarkoppe gemaak van gegote koper om op die toppe van die pilare te sit; vyf el was die hoogte van die een pilaarkop en vyf el was die hoogte van die ander pilaarkop.
- 17 Daar was nete van netwerk en gevlegte stringe van kettingwerk vir die pilaarkoppe wat op die top van die pilare was; sewe vir die een pilaarkop en sewe vir die ander pilaarkop.
- 18 So het hy die pilare gemaak en twee rye vlegwerk rondom die een, om die pilaarkoppe, wat bo-op die granate was, toe te maak en net so het hy vir die ander pilaarkop gemaak.
- 19 Die pilaarkoppe bo-op die pilare in die portaal was vier el, 'n lelieontwerp.
- 20 Daar was pilaarkoppe op die twee pilare, bo-aan en naby die geronde projeksie, langs die netwerk en die granate was twee honderd, in rye rondom beide pilaarkoppe.
- 21 So het hy die pilare opgerig by die portaal van die hoofvertrek en hy het die regterpilaar opgerig en dit Yakhin genoem en hy het die linkerpilaar opgerig en dit Bo'az genoem.
- 22 Bo-op die pilare was lelieontwerpe. Die werk aan die pilare is voltooi.
- 23 Nou het hy die see gemaak van gietwerk; van rand tot rand was dit tien el, rond van vorm en die hoogte daarvan was vyf el en dertig el in omtrek.
- 24 Onder sy rand het kalbassies dit rondom omring; tien op die el het hulle die see heeltemal omring: die kalbasse was in twee rye, gegiet saam met die res.
- 25 Dit het gestaan op twaalf beeste: drie kyk na die noorde, drie kyk na die weste, drie kyk na die suide en drie kyk na die ooste toe en die see was bo-op hulle en hulle agterkante was na binne gedraai.
- 26 Dit was 'n handbreedte dik en sy rand was soos die rand van 'n beker, soos 'n lelieblom; dit kon twee duisend bat (50 000 liter) hou.
- 27 Toe het hy die tien staanders van koper gemaak; die lengte van elke staander was vier el, sy breedte vier el en sy hoogte drie el.

- 28 Hierdie was die ontwerp van die staanders: dit het rante gehad, gelyke rante tussen die rame;
- 29 op die rante wat tussen die rame was, was leeus, beeste en gérubs; bo-op die rame was daar 'n staander en onder die leeus en beeste was afhange kransties.
- 30 Elke staander het vier koper wiele met koper asse gehad en sy vier voete het versterkings gehad; onder teen die bak was die versterkings gegiet met kransties aan elke kant.
- 31 Sy opening binne die kroon aan die bokant was een el en die opening was rond, soos die ontwerp van 'n staander, een en 'n half el en op sy opening was daar ook graveerwerk en die rante was vierkantig, nie rond nie.
- 32 Die vier wiele was onder die rante en die asse van die wiele was op die bak. Die hoogte van elke wiel was anderhalf el.
- 33 Die ontwerp van die wiele was soos die ontwerp van 'n strydswiel. Hulle asse, vellings, speke en nawe was alles gietwerk.
- 34 Daar was vier versterkings op die vier hoeke van elke staander; die versterkings was deel van die staander self.
- 35 Bo-op die staander was daar 'n ronde vorm van 'n half-el hoog wat bo-op die staander gebly het en sy rant was deel daarvan.
- 36 Hy het op die plate van sy kante en op sy rant gérubs, leeus en palmbome graveer volgens die ruimte op elkeen, met kransties rondom.
- 37 So het hy die tien staanders gemaak: almal het een gietwerk gehad, een maat en een vorm.
- 38 Hy het tien waskomme van koper gemaak; elke kom het veertig bat gehou (220 liter) en elke kom was vier el; een kom was op elke bak van die tien staanders.
- 39 Toe het hy die staanders opgestel: vyf aan die regterkant van die huis en vyf aan die linkerkant van die huis en hy het die see van gegote metaal aan die regterkant van die huis opgestel, na die suide toe.
- 40 Hiram het die potte en die grawe en die komme gemaak. So het Hiram dan al die werk voltooi wat hy vir koning Shlomo in die huis van יְהוָה gedoen het:
- 41 die twee pilare met die twee balle van die pilaarkoppe, wat op die top van die twee pilare was en die twee netwerke om die twee balle van die pilaarkoppe wat op die top van die pilare is, te oordek
- 42 en die vier honderd granate vir die twee netwerke; twee rye granate vir elke netwerk, om die twee balle van die pilaarkoppe bo-op die pilare te oordek
- 43 en die tien staanders met die tien waskomme op die staanders
- 44 en die een see en die twaalf beeste onder die see
- 45 en die potte, die grawe en die komme; al hierdie voorwerpe wat Hiram vir koning Shlomo in die huis van יְהוָה gemaak het, was van gepoleerde koper.
- 46 In die vlakte van die Yarden het die koning dit gegiet; in die kleigrond tussen Sukkot en Tzartan.
- 47 Shlomo het al die voorwerpe ongewoeg gelaat omdat daar te veel was; die gewig van die koper kon nie bereken word nie.
- 48 Shlomo het al die voorwerpe wat in die huis van יְהוָה was, gemaak: die goue altaar, die goue tafel waarop die brode van die Teenwoordigheid moes lê

- 49 en die kandelare voor die binnevertrek van suiwer goud, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant en die blomme, die lampe en die tange, van goud
- 50 en die bekere, die snuiters, die komme, die lepels, die vuurpanne, van suiwer goud en die skarniere van die deure van die binnevertrek, van die Mees Afgesonderde Plek en die deure van die huis, van die hoofvertrek, van goud.
- 51 So is al die werk wat koning Shlomo aan die huis van יהוה gemaak het, voltooi. Shlomo het die dinge wat deur sy vader Dawid afgesonder is, ingebring; die silwer, die goud en die gereedskap het hy in die skatkamers van die huis van יהוה gesit.
- 8** 1 Toe het Shlomo die oudstes van Yisra'el en al die stamhoofde, die familie-leiers van die seuns van Yisra'el, by hom in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van die verbond van יהוה vanuit die stad van Dawid, dit is Tziyon, op te bring.
- 2 Al die manne van Yisra'el het hulleself op die fees by koning Shlomo vergader, in die maand van die oes, dit is die sewende maand. ^{2 Kro 5:3}
- 3 Toe het al die oudstes van Yisra'el gekom en die priesters het die ark opgetel.
- 4 Hulle het die ark van יהוה en die tent van samekoms saam met al die afgesonderde gereedskap gebring wat in die tent was en die priesters en die Leviëte het dit gebring.
- 5 Koning Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el, wat by hom vergader was, was saam voor die ark terwyl hulle soveel kleinvee en beeste geoffer het dat hulle nie getel of bereken kon word nie.
- 6 Toe het die priesters die ark van die verbond van יהוה na sy plek gebring, in die binnevertrek van die huis, na die Mees Afgesonderde, onder die vlerke van die gérubs,
- 7 want die gérubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark en die gérubs het 'n bedekking van bo af oor die ark en sy pale gemaak,
- 8 maar die pale was so lank dat die punte van die pale uit die Afgesonderde plek, voor die binnevertrek, gesien kon word, maar hulle kon nie buite gesien word nie; hulle is daar tot vandag toe.
- 9 Daar was niks in die ark nie, behalwe die twee kliptafels wat Mosheh by Horev daarin gesit het, waar יהוה 'n verbond met die seuns van Yisra'el gesluit het, toe hulle uit die land van Mitzrayim uitgekom het.
- 10 Dit het gebeur dat toe die priesters uit die Afgesonderde plek uitgaan, die wolk die huis van יהוה gevul het
- 11 sodat die priesters, as gevolg van die wolk, nie kon staan om te bedien nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van יהוה gevul.
- 12 Toe het Shlomo gesê: "יהוה het gesê dat Hy in die digte wolk sal bly.
- 13 Ek het verseker vir U 'n verhewe huis gebou, 'n plek vir U om ewig in te bly."
- 14 Toe draai die koning sy gesig om en seën die hele vergadering van Yisra'el terwyl die hele vergadering van Yisra'el staan.
- 15 Hy het gesê: "Praat goed van יהוה, die God van Yisra'el, wat met Sy mond met my vader Dawid gepraat het en dit met Sy hand volbring en gesê het:

- 16 'Van die dag af dat Ek My volk Yisra'el van Mitzrayim af gebring het, het Ek nie 'n stad gekies uit al die stamme van Yisra'el om 'n huis in te bou sodat My Karakter en Outoriteit daar sou wees nie, maar Ek het vir Dawid gekies om oor My volk Yisra'el te wees.'
- 17 Dit was in die verstand, wil en emosie van my vader, Dawid, om 'n huis te bou vir die Karakter en Outoriteit van יהוה, die God van Yisra'el,
- 18 maar יהוה het vir my vader, Dawid, gesê: 'Omdat dit in jou verstand, wil en emosie was om vir My Karakter en Outoriteit 'n huis te bou, het jy goed gedoen deurdat dit in jou verstand, wil en emosie was.
- 19 Nogtans sal jy nie die huis bou nie, maar jou seun wat vir jou gebore sal word, hy sal vir My Karakter en Outoriteit die huis bou.'
- 20 Nou het יהוה Sy Woord vervul wat Hy gesê het, want ek het opgestaan in die plek van my vader, Dawid en ek sit op die troon van Yisra'el soos יהוה belowe het en ek het die huis gebou vir die Karakter en Outoriteit van יהוה, die God van Yisra'el.
- 21 Daar het ek 'n plek gemaak vir die ark, waarin die verbond van יהוה is, wat Hy met ons vaders gesluit het toe Hy hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het."
- 22 Toe het Shlomo voor die altaar van יהוה gaan staan, voor die hele vergadering van Yisra'el en sy hande uitgesprei na die hemel
- 23 en hy het gesê: "יהוה, God van Yisra'el, daar is geen God soos U in die hemel daarbo of op die aarde hier onder nie, wat die verbond hou en liefdevolle omgee wys aan U diensknegte wat voor U loop met hulle hele verstand, wil en emosie,
- 24 wat vir U kneg, my vader Dawid, nagekom het wat U aan hom belowe het; inderdaad, U het met U mond gepraat en met U hand volbring, soos dit op hierdie dag is;
- 25 daarom, יהוה, God van Yisra'el, hou ook die belofte wat U aan U kneg, my vader Dawid, gemaak het, deur te sê: 'Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek wat op die troon van Yisra'el sal sit nie, as jou seuns net hulle pad in ag neem om voor My Teenwoordigheid te loop soos jy voor My Teenwoordigheid geloop het.'
- 26 Nou, daarom, o God van Yisra'el, ek bid, laat U woord bevestig word wat U gepraat het tot U kneg, my vader, Dawid.
- 27 Sal God werklik op die aarde bly? Let op, die hemel en die hoogste hemele kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het?
- 28 Tog, gee aandag aan die gebed van U dienskneg en tot sy smeking, יהוה, my God, om te luister na die geroep en die gebed wat U dienskneg vandag voor U bid;
- 29 dat U oë oop mag wees na hierdie huis, nag en dag, na die plek waarvan U gesê het: 'My Karakter en Outoriteit sal daar wees,' om te luister na die gebed wat U dienskneg na hierdie plek toe sal bid.
- 30 Luister na die smeking van U dienskneg en van U volk Yisra'el wanneer hulle na hierdie plek toe bid; luister in die hemel, U blyplek; hoor en vergewe.
- 31 As 'n mens teen sy naaste sondig en gedwing word om 'n eed te neem en hy voor U altaar in hierdie huis 'n eed neem,
- 32 hoor dan in die hemel en tree op en oordeel U diensknegte, veroordeel die wettelose deur sy optrede op sy eie kop te bring en verklaar die onpartydig opregte onskuldig deur vir hom te gee volgens sy onpartydige opregtheid.

- 33 Wanneer U volk Yisra'el verslaan word voor 'n vyand omdat hulle teen U gesondig het; as hulle weer na U toe draai en U Karakter en Outoriteit erken en tot U bid en smeeke in hierdie huis,
- 34 hoor dan in die hemel en vergewe die sonde van U volk Yisra'el en bring hulle terug na die land wat U aan hulle vaders gegee het.
- 35 Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie omdat hulle teen U gesondig het en hulle na hierdie plek toe bid en U Karakter en Outoriteit erken en van hulle sonde af wegdraai wanneer U hulle teister,
- 36 hoor dan in die hemel en vergewe die sonde van U diensknechte en van U volk Yisra'el, inderdaad, leer hulle die goeie pad waarin hulle moet loop en stuur reën op U land, wat U aan U volk as 'n erfenis gegee het.
- 37 As daar hongersnood in die land is, as daar pes is, as daar skimmel, heuningdou, sprinkane of grassprinkane is, as sy vyande hom in die land, in sy poorte beleër, watter plaag ook al, watter siekte daar ook al is,
- 38 watter gebed of smeking ook al deur enige een of deur die hele volk Yisra'el gemaak word, laat elkeen die leed van sy eie verstand, wil en emosie ken en sy hande na hierdie huis toe uitsprei;
- 39 hoor dan in die hemel, U blyplek en vergewe en tree op en doen aan elkeen volgens al sy optrede, wie se verstand, wil en emosie U ken, want U alleen ken die verstand, wil en emosie van al die seuns van die mens
- 40 sodat hulle U respekvol kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.
- 41 Ook aangaande die vreemdeling wat nie van U volk Yisra'el is nie, wanneer hy vanaf 'n ver land ter wille van U Karakter en Outoriteit kom,
- 42 want hulle sal hoor van U groot Naam (Karakter en Outoriteit), U magtige hand en U uitgestrekte arm; wanneer hy voor U sal kom en bid in hierdie huis,
- 43 hoor dan in die hemel, U blyplek en doen volgens alles waaroor die vreemdeling na U toe uitroep sodat al die volke van die aarde 'n verbondsverhouding met U Naam (Karakter en Outoriteit) mag hê, om U respekvol te vrees, net soos U volk Yisra'el en dat hulle mag weet dat hierdie huis wat ek gebou het, by U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word.
- 44 Wanneer U volk uitgaan om oorlog te maak teen hulle vyand, op watter pad U hulle ook al stuur en hulle bid tot יהוה in die rigting van die stad wat U verkies het en die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
- 45 hoor dan in die hemel hulle gebed en hulle smeking en bevestig hulle doel.
- 46 Wanneer hulle teen U sondig, want daar is geen mens wat nie sondig nie en U kwaad is vir hulle, hulle aan 'n vyand oorgee sodat hulle hul gevange wegvoer na die land van die vyand, ver of naby,
- 47 as hulle daarvoor dink in die land waarheen hulle gevange geneem is en hulle erken en omdraai en U smeeke in die land van die wat hulle gevange geneem het en sê: 'Ons het gesondig en oortree, ons het boos opgetree,'

- 48 as hulle na U toe terugdraai met hul hele gees en met hul hele verstand, wil en emosie, in die land van hul vyande wat hulle weggevoer het en hulle bid tot U volgens die godsdiens van hul eie land wat U aan hulle vaders gegee het, die stad wat U gekies het en die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het;
- 49 hoor dan in die hemel, U blyplek, hulle gebed en smeking en bevestig hulle doel
- 50 en vergewe U volk wat teen U gesondig het en al hulle oortredinge wat hulle teen U begaan het en laat hulle ontvangers van omgee word voor die wat hulle weggevoer het dat dié aan hulle omgee kan bewys,
- 51 want hulle is U volk en u erfenis wat U uit Mitzrayim uitgebring het, uit die midde van die ystersmeltoond
- 52 sodat U oë oop kan wees vir die smeking van U dienskneg en vir die smeking van U volk Yisra'el, om na hulle te luister wanneer hulle ook al tot U roep,
- 53 want U het hulle vir U as erfenis afgesonder vanuit al die volke van die aarde, soos U deur U kneg, Mosheh, gepraat het toe U, Meester יהוה, ons vaders uit Mitzrayim uitgebring het.”
- 54 Toe Shlomo klaar hierdie hele gebed en smeking gebid het tot יהוה, knielend met sy hande na die hemel uitgesprei, het hy van voor die altaar van יהוה af opgestaan
- 55 en hy het gestaan en die hele vergadering van Yisra'el hardop geseën en gesê:
- 56 “Praat goed van יהוה, wat aan Sy volk Yisra'el rus gegee het volgens alles wat Hy belowe het; nie een woord van al Sy goeie beloftes wat Hy deur Sy dienskneg Mosheh belowe het, het on vervuld gebly nie.
- 57 Mag יהוה, ons God, by ons wees soos Hy by ons vaders was; mag Hy ons nie verlaat of ons verwerp nie
- 58 sodat Hy ons verstand, wil en emosie na Homself sal keer, om in al Sy paaie te loop en Sy opdragte, Sy wette en Sy regverdige oordele te gehoorsaam wat Hy ons vaders beveel het.
- 59 Mag hierdie woorde van my, waarmee ek voor die Teenwoordigheid van יהוה gesmeek het, dag en nag naby יהוה, ons God, wees sodat Hy Sy dienskneg se doel kan bevestig en die doel van Sy volk Yisra'el, soos elke dag vereis
- 60 sodat al die volke van die aarde kan weet dat יהוה God is; ^{Gen 12:3} daar is geen ander een nie. ^{Deut 6:4}
- 61 Laat julle verstand, wil en emosie daarom volkome toegewy wees aan יהוה, ons God, om te leef volgens Sy instellings en Sy opdragte te gehoorsaam, soos op hierdie dag.”
- 62 Die koning en die hele Yisra'el saam met hom, het offers voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer.
- 63 Shlomo het as die vredesoffer wat hy tot יהוה gebring het, twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend skape geoffer. So het die koning en al die seuns van Yisra'el die huis van יהוה afgesonder. ^{2 Kro 7:5}
- 64 Op dieselfde dag het die koning die middel van die hof afgesonder wat voor die huis van יהוה was, want daar het hy die brandoffer, die graanoffer en die vet van die vredesoffers geoffer omdat die koper altaar wat voor יהוה is, te klein was om die brandoffer, die graanoffer en die vet van die vredesoffers te hou.

- 65 So het Shlomo in dié tyd die fees onderhou en die hele Yisra'el saam met hom, 'n groot vergadering van die ingang na Hamat af tot by die spruit van Mitzrayim, voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, vir sewe dae en nog sewe dae; veertien dae lank.
- 66 Op die agtste dag het die volk 'n afvaardiging gestuur en die koning geseën en hulle het vreugdevol na hulle tente gegaan, bly van gees oor al die goedheid wat יהוה aan Sy kneg Dawid en Sy volk Yisra'el bewys het.
- 9** 1 Dit het gebeur toe Shlomo die huis van יהוה en die huis van die koning klaar gebou het en alles wat Shlomo begeer het om te doen
- 2 dat יהוה vir die tweede keer aan Shlomo verskyn het, soos Hy aan hom verskyn het in Giv'on.
- 3 יהוה het vir hom gesê: “Ek het jou gebed en jou smeking gehoor wat jy voor My gemaak het; Ek het hierdie huis wat jy gebou het, afgesonder deur My Karakter en Outoriteit daar te plaas vir ewig en My oë en My verstand, wil en emosie sal ewigdurend daar wees.
- 4 Wat jou betref, as jy voor My loop soos jou vader Dawid geloop het, met integriteit van verstand, wil en emosie en in opregtheid, deur te doen alles wat Ek jou beveel het en My wette en regverdige oordele onderhou,
- 5 dan sal Ek die troon van jou koningskap oor Yisra'el vir ewig vasstel, net soos Ek aan jou vader Dawid beloof het deur te sê: ‘Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek op die troon van Yisra'el nie,’
- 6 maar as jy of jou seuns wegdraai daarvan om My te volg en nie My opdragte en My wette na kom wat Ek aan jou voorgehou het nie en gaan en ander gode dien en hulle aanbid, ^{Yeg 20:38}
- 7 dan sal Ek Yisra'el van die land afsny wat Ek vir hulle gegee het en die huis wat Ek vir My Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonder het, sal Ek uit My sig uit wegwerp. So sal Yisra'el 'n spreekwoord en 'n bywoord word onder al die volke.
- 8 Hierdie huis sal 'n hoop rommel word; elkeen wat verbygaan sal verbaas wees, spot en vra: ‘Waarom het יהוה so gedoen aan hierdie land en aan hierdie huis?’
- 9 Hulle sal sê: ‘Omdat hulle יהוה, hul God, verlaat het, wat hulle vaders uit die land van Mitzrayim uitgebring het en ander gode aangeneem, aanbid en gedien het; daarom het יהוה al hierdie onheil oor hulle gebring.’”
- 10 Dit het gebeur aan die einde van die twintig jaar waarin Shlomo die twee huise, die huis van יהוה en die huis van die koning, gebou het
- 11 (Hiram, die koning van Tzor, het Shlomo voorsien van seder- en sipreshout en goud soveel as hy begeer het) dat koning Shlomo aan Hiram twintig stede in die land van die Galil gegee het.
- 12 Hiram het uit Tzor gekom om die stede te sien wat Shlomo vir hom gegee het en hulle het hom nie tevrede gestel nie.
- 13 Hy het gesê: “Wat is hierdie stede wat jy vir my gegee het, my broer?” Hulle is die land van Kavul genoem, tot vandag toe.
- 14 Hiram het een honderd en twintig talente goud aan die koning gestuur.

- 15 Hierdie is die verslag oor die dwangarbeid wat koning Shlomo opgekommandeer het om die huis van יְהוָה, sy huis, Millo, die muur van Yerushalayim, Hatzor, Megiddo en Gezer te bou.
- 16 Farao, koning van Mitzrayim, het opgegaan en Gezer oorgeneem en dit met vuur verbrand en die Kena'aniete wat in die stad gebly het, doodgemaak en dit as 'n trougeskenk aan sy dogter, die vrou van Shlomo, gegee.
- 17 So het Shlomo Gezer opgebou en die laer Beit-Horon,
- 18 Ba'alat en Tamar in die wildernis, in die land
- 19 en al die voorraadstede wat Shlomo gehad het, selfs die stede vir sy strydwaens en die stede vir die perderuiters en alles wat Shlomo tevrede gestel het om te bou in Yerushalayim, in L'vanon en in die hele land onder sy heerskappy.
- 20 Al die mense wat oorgebly het van die Emoriete, Hittiete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, wat nie van die seuns van Yisra'el was nie,
- 21 hulle kinders wat ná hulle in die land oorgebly het, wat die seuns van Yisra'el nie in staat was om volledig uit te wis nie, van hulle het Shlomo opgekommandeer vir dwangarbeid, selfs tot vandag toe,
- 22 maar Shlomo het nie slawe gemaak van die seuns van Yisra'el nie, want hulle was krygsmanne, sy diensknegte, sy prinse, sy bevelvoerders, sy strydwaebevelvoerders en sy perderuiters.
- 23 Hierdie was die hoofopsigters wat oor Shlomo se werk was: vyf honderd en vyftig wat oor die mense, wat die werk gedoen het, geheers het.
- 24 Sodra die dogter van Farao opgekom het vanuit die stad van Dawid na haar huis wat hy vir haar gebou het, het hy Millo gebou.
- 25 Shlomo het drie maal in 'n jaar brandoffers en vredesoffers op die altaar wat hy vir יְהוָה gebou het, gebring en wierook daarmee saam gebrand op die altaar wat voor die Teenwoordigheid van יְהוָה was. So het hy die huis voltooi.
- 26 Koning Shlomo het ook 'n vloot skepe gebou in 'Etzyon-Gever wat by Elot aan die kus van die Sufsee in die land Edom lê.
- 27 Hiram het sy diensknegte met die vloot gestuur, matrose wat die see ken, saam met die diensknegte van Shlomo.
- 28 Hulle het na Ofir gegaan en vier honderd en twintig talente goud van daar gevat en dit na koning Shlomo toe gebring.
- 10** 1 Toe die koningin van Sh'va hoor van die bekendheid van Shlomo en aangaande die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה, het sy gekom om hom met moeilike vrae te toets.
- 2 Sy het na Yerushalayim gekom met 'n baie groot gevolg, met kamele wat speserye, baie goud en edelgesteentes dra. Toe sy by Shlomo kom, het sy met hom gepraat oor alles wat in haar verstand, wil en emosie was.
- 3 Shlomo het al haar vrae beantwoord; niks was vir die koning verborge wat hy nie aan haar verduidelik het nie.
- 4 Toe die koningin van Sh'va al die wysheid van Shlomo sien, die huis wat hy gebou het,

- 5 die kos van sy tafel, hoe sy diensknegte sit, die bediening van sy bediendes en hulle klere, sy skinkers en sy trap waarmee hy opgaan na die huis van יהוה, het haar asem weggeslaan.
- 6 Toe sê sy vir die koning: “Die verslag wat ek in my eie land gehoor het aangaande u woorde en u wysheid, was waar.
- 7 Nogtans het ek die verslae nie geglo nie totdat ek gekom en met my oë gesien het. Let op, die helfte is nie vir my vertel nie. U oortref in wysheid en in welvaart die verslag wat ek gehoor het.
- 8 Hoe geseënd is u manne, hoe geseënd is hierdie diensknegte van u wat voortdurend voor u staan en u wysheid hoor.
- 9 Lof aan יהוה, u God, wat bly was oor u om u op die troon van Yisra'el te laat sit! Omdat יהוה Yisra'el vir ewig lief het; daarom het Hy u koning gemaak om reg en onpartydige opregtheid te doen.”
- 10 Sy het vir die koning 'n honderd en twintig talente goud, 'n groot hoeveelheid speserye en edelgesteentes gegee. Daar het nooit weer so 'n hoeveelheid speserye ingekom as wat die koningin van Sh'va vir koning Shlomo gegee het nie.
- 11 Die skepe van Hiram wat goud uit Ofir gaan haal het, het ook uit Ofir 'n groot hoeveelheid sandelhout en edelgesteentes gebring.
- 12 Die koning het ondersteunings vir die huis van יהוה en vir die huis van die koning, asook liere en harpe vir die sangers van die sandelhout (almug) gemaak; sulke sandelbome het nie weer ingekom of is gesien tot vandag toe nie.
- 13 Koning Shlomo het vir die koningin van Sh'va aan al haar begeertes, wat sy gevra het, voldoen; bo en behalwe wat hy vir haar gegee het volgens sy koninklike vrygewigheid. Toe het sy omgedraai en na haar eie land gegaan saam met haar bediendes.
- 14 Die gewig van goud wat in een jaar vir Shlomo ingekom het, was ses honderd ses en sestig talente goud, (ongeveer 23 metrieke ton)
- 15 behalwe wat ingekom het van die handelaars wat rondtrek en van die wins van die verkopers en van al die konings van die Arabiere en van die goewerneurs van die land.
- 16 Koning Shlomo het twee honderd groot skilde van suiwer goud gemaak; hy het ses honderd sikkels (6,8kg) goud op elke groot skild gebruik
- 17 en drie honderd skilde van suiwer goud met drie minahs (1,7kg) goud op elke skild en die koning het dit in die huis van die L'vanon-woud gesit.
- 18 Verder het die koning 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.
- 19 Die troon het ses trappe gehad en 'n ronde kopstuk bo die troon aan die agterkant en arms weerskante van die sitplek, met twee leeus wat langs die arms staan.
- 20 Twaalf leeus het daar op die ses trappe aan weerskante gestaan; niks soos dit is ooit vir enige ander koninkryk gemaak nie.
- 21 Al koning Shlomo se drinkservies was van goud en al die houters van die huis van die L'vanon-woud was van suiwer goud; niks was van silwer nie: dit is in die dae van Shlomo nie as waardevol gereken nie,

- 22 want die koning het 'n vloot van skepe van Tarshish gehad by die skepe van Hiram; een maal elke drie jaar het die skepe van Tarshish ingekom en goud, silwer, ivoor, ape en poue gebring.
- 23 So het koning Shlomo in rykdom en in wysheid, groter geword as al die konings van die aarde.
- 24 Die hele wêreld het die teenwoordigheid van Shlomo gesoek om sy wysheid te hoor wat God in sy verstand gegee het.
- 25 Elkeen van hulle het sy geskenk saam gebring: silwer voorwerpe, goue voorwerpe, klere, wapens, speserye, perde en muile, jaar na jaar.
- 26 Shlomo het strydwaens en perderuiters bymekaargemaak en hy het een duisend vier honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad en hy het dit in die stede vir stydwaens en by die koning in Yerushalayim gesit.
- 27 Die koning het silwer in Yerushalayim so algemeen gemaak soos klippe en seders so volop soos wildeveybome wat in die Laagland is. ^{2 Kro 1:15; 9:27}
- 28 Shlomo se invoer van perde was uit Mitzrayim en die koning se handelaars het 'n kommissie ontvang op die goedere wat hulle gekoop het.
- 29 'n Strydwa is uit Mitzrayim ingevoer vir ses honderd sikkels silwer en 'n perd vir 'n honderd en vyftig en op dieselfde manier is hulle na al die konings van die Hittiete en die konings van Aram uitgevoer. ^{Deut 17:16; 2 Kro 1:14}

- 11** 1 Koning Shlomo het baie buitelandse vroue liefgehad saam met die dogter van Farao: Mo'avitiese, 'Ammonitiese, Edomitiese, Tzidonitiese en Hittitiese vroue;
- 2 vanuit die nasies waarvan יהודה aan die seuns van Yisra'el gesê het: "Julle mag nie met hulle assosieer nie en hulle ook nie met julle nie, want hulle sal sekerlik julle verstand, wil en emosie wegdraai agter hulle gode aan." Shlomo het hulle met liefde aangehang. ^{Eks 23:24,33; 34:16; Deut 7:3-4; Y'ho 23:12-13; 'Ez 9:12}
- 3 Hy het sewe honderd vroue en prinsesse gehad en drie honderd byvroue en sy vroue het sy verstand, wil en emosie weggedraai,
- 4 want toe Shlomo oud was, het sy vroue sy verstand, wil en emosie agter ander gode aan weggedraai en sy verstand, wil en emosie was nie volkome toegewy aan יהודה, sy God, soos die verstand, wil en emosie van sy vader, Dawid, nie.
- 5 Shlomo het agter 'Ashtoret, die godin van die Tzidoniërs en agter Milkom, die verfoeilike afgod van die 'Ammoniete, aangeloop.
- 6 Shlomo het gedoen wat boos was in die oë van יהודה en יהודה nie ten volle gevolg soos sy vader, Dawid, nie.
- 7 Toe het Shlomo 'n hoë plek, op die berg wat oos van Yerushalayim lê, vir K'mosh, die verfoeilike afgod van Mo'av en vir Molekh, die verfoeilike afgod van die seuns van 'Ammon, gebou. ^{Yeg 43:7,8}
- 8 So het hy ook gedoen vir al sy buitelandse vroue wat wierook gebrand en geoffer het aan hulle gode.
- 9 יהודה was kwaad vir Shlomo omdat sy verstand, wil en emosie weggedraai was van יהודה, die God van Yisra'el, wat twee keer aan hom verskyn het
- 10 en hom aangaande hierdie saak beveel het om nie agter ander gode aan te gaan nie, maar hy het nie gedoen wat יהודה beveel het nie.

- 11 יהוה het vir Shlomo gesê: “Omdat jy dit gedoen het en nie My verbond en My instellings, wat Ek jou beveel het, gehou het nie, sal Ek sekerlik die koninkryk van jou af wegskeur en dit aan jou dienskneg gee.
- 12 Nogtans sal ek dit nie in jou dae doen nie ter wille van jou vader, Dawid, maar Ek sal dit uit die hand van jou seun skeur.
- 13 Tog sal Ek nie die hele koninkryk wegskeur nie, maar Ek sal een stam aan jou seun gee ter wille van My dienskneg, Dawid en ter wille van Yerushalayim wat Ek verkies het.”
- 14 Toe het יהוה vir Shlomo 'n teëstander opgewek: Hadad, die Edomiet; hy was van die koninklike familie in Edom.
- 15 Dit het gebeur toe Dawid in Edom was en Yo'av, die bevelvoerder van die leër, opgetrek het om die gesneuweldes te begrawe en hy al wat manlik was in Edom doodgeslaan het
- 16 (want Yo'av en die hele Yisra'el het ses maande lank daar gebly totdat hy al die manlike persone in Edom afgesny het)
- 17 dat Hadad, as 'n jong seun, na Mitzrayim gevlug het; hy en sekere Edomiete van sy vader se diensknegte saam met hom.
- 18 Hulle het opgestaan vanuit Midyan en in Pa'ran gekom en vanuit Pa'ran manne saam met hulle gevat en in Mitzrayim aangekom by Farao, die koning van Mitzrayim, wat vir hom 'n huis en kos gegee het en vir hom land gegee het.
- 19 Hadad het groot guns gevind voor Farao sodat hy vir hom sy vrou se suster, die suster van Tagp'neis, die koningin, as vrou gegee het.
- 20 Die suster van Tagp'neis het vir hom geboorte gegee aan sy seun G'nuvat, wat Tagp'neis in die huis van Farao groot gemaak het en G'nuvat was in die huis van Farao tussen die seuns van Farao.
- 21 Toe Hadad egter in Mitzrayim hoor dat Dawid by sy vaders neergelê is en dat Yo'av, die bevelvoerder van die leër, dood is, sê Hadad vir Farao: “Stuur my weg dat ek na my eie land kan gaan.”
- 22 Toe sê Farao vir hom: “Maar wat het jy by my tekort, let op, dat jy begeer om na jou eie land te gaan?” Hy antwoord: “Niks nie; nogtans moet u my sekerlik laat gaan.”
- 23 God het ook 'n ander teëstander teen hom opgewek, Rezon, die seun van Elyada, wat gevlug het van sy meester Hadad'ezer, die koning van Tzovah.
- 24 Nadat Dawid hulle by Tzovah gedood het, het hy manne by hom versamel en leier van 'n plunderbende geword en hulle het na Dammesek gegaan en daar gebly en in Dammesek geheers.
- 25 Hy was 'n teëstander van Yisra'el al die dae van Shlomo, saam met die boosheid wat Hadad gedoen het en hy het Yisra'el verafsku en oor Edom geheers.
- 26 Toe het Yarov'am, 'n dienskneg van Shlomo, die seun van N'vat, 'n Efrayimiet uit Tz'redah, wie se moeder se naam Tz'ru'ah was, 'n weduwee, ook teen die koning rebelleer.
- 27 Dít was die rede hoekom hy teen die koning rebelleer het: Shlomo het Millo gebou en die skeur aan die stad van sy vader, Dawid, toegemaak.

- 28 Die man Yarov'am was 'n dapper soldaat en toe Shlomo sien dat die jongman ywerig en hardwerkend was, het hy hom aangestel oor al die dwangarbeiders van die huis van Yosef.
- 29 Dit het omtrent in daardie tyd gebeur, toe Yarov'am uit Yerushalayim uitgaan dat die profeet Agiyah, die Shiloniet, hom op die pad kry. Agiyah het homself geklee in 'n nuwe mantel en hulle twee was alleen in die veld.
- 30 Toe gryp Agiyah die nuwe mantel wat hy aangehad het en skeur dit in twaalf stukke.
- 31 Hy sê vir Yarov'am: "Vat vir jou tien stukke, want so sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Let op, Ek sal die koninkryk uit die hand van Shlomo skeur en aan jou tien stamme gee,
- 32 maar een stam sal syne wees ter wille van My kneg Dawid en ter wille van Yerushalayim, die stad wat Ek gekies het uit al die stamme van Yisra'el
- 33 omdat hy My verlaat en hom neergebuig het voor 'Ashtoret, die godin van die Tzidoniërs, voor K'mosh, die god van Mo'av en voor Milkom, die god van die seuns van 'Ammon en nie geleef het op My maniere deur te doen wat reg is in My oë, om My regverdige oordele en My opdragte, soos sy vader, Dawid, na te kom nie.
- 34 Nogtans sal Ek nie die hele koninkryk uit sy hand uit vat nie, maar Ek sal hom heerser maak vir al die dae van sy lewe, ter wille van My kneg Dawid wat Ek gekies het, wat My opdragte en My instellings gehoorsaam het,
- 35 maar Ek sal die koninkryk uit die hand van sy seun vat en dit aan jou gee, tien stamme,
- 36 maar aan sy seun sal Ek een stam gee sodat My kneg Dawid altyd 'n lamp kan hê voor My in Yerushalayim, die stad waar Ek vir Myself gekies het om My Karakter en Outoriteit te plaas.
- 37 Ek sal jou vat en jy sal regeer oor alles wat jy begeer en jy sal koning wees oor Yisra'el.
- 38 Dan sal dit wees indien jy luister na alles wat Ek jou beveel en leef in My paaie en doen wat reg is in My oë deur My instellings en My opdragte te gehoorsaam, soos My kneg Dawid gedoen het, Ek dan by jou sal wees en vir jou 'n blywende huis bou, soos Ek vir Dawid gebou het en Ek sal Yisra'el vir jou gee.
- 39 So sal Ek die nageslag van Dawid hieroor beproef, maar nie vir altyd nie."''' Yeg 39:22-
- 40 Shlomo het daarom probeer om Yarov'am dood te maak, maar Yarov'am het opgestaan en na Mitzrayim gevlug, na Shishak, die koning van Mitzrayim en hy was in Mitzrayim tot die dood van Shlomo.
- 41 Die res van die dade van Shlomo en wat hy ook al gedoen het en sy wysheid, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die dade van Shlomo' nie?
- 42 Die tyd wat Shlomo in Yerushalayim oor die hele Yisra'el regeer het, was veertig jaar.
- 43 Shlomo is by sy vaders neergelê en is begrawe in die stad van sy vader, Dawid en sy seun, Regav'am, het in sy plek geheers.

- 12** 1 Toe het Regav'am na Sh'khem gegaan, want die hele Yisra'el het na Sh'khem gekom om hom koning te maak. ^{2 Kro 10:1-12:16}
- 2 Toe Yarov'am, die seun van N'vat, dit hoor, het hy in Mitzrayim gebly, (want hy was nog in Mitzrayim, waarheen hy van die teenwoordigheid van koning Shlomo af gevlug het.)
- 3 Toe het hulle gestuur en hom laat roep en Yarov'am en die hele vergadering van Yisra'el het gekom en met Regav'am gepraat en gesê:
- 4 "U vader het ons juk hard gemaak; daarom, maak die harde diens van u vader ligter en sy swaar juk wat hy op ons gesit het en ons sal u dien."
- 5 Toe sê hy vir hulle: "Gaan weg vir drie dae, kom dan terug na my toe." Die mense het weggegaan.
- 6 Koning Regav'am het met die oudstes, wat sy vader Shlomo gedien het toe hy nog gelewe het, beraadslaag en hy vra: "Watter advies gee u my om hierdie mense te antwoord?"
- 7 Toe praat hulle met hom en sê: "As u vandag 'n dienskneg tot hierdie volk sal wees en hulle dien, hulle versoek toestaan en goeie woorde met hulle praat, sal hulle altyd u diensknegte wees."
- 8 Hy het egter die advies van die oudstes wat hulle vir hom gegee het, verwerp en met die jongmanne wat saam met hom grootgeword het en hom gedien het, beraadslaag.
- 9 Hy vra toe vir hulle: "Watter advies gee julle wat ons hierdie mense sal antwoord wat met my gepraat en gesê het: 'Maak die juk wat u vader op ons gesit het, ligter?'"
- 10 Die jongmanne wat saam met hom grootgeword het, antwoord hom en sê: "Só moet u hierdie mense antwoord wat met u gepraat en gesê het: 'U vader het ons juk swaar gemaak, maak u dit nou ligter vir ons,' u moet hulle antwoord: 'My pinkie is dikker as my vader se duim.' ^{2 Kro 10:10}
- 11 Waar my vader julle belas het met 'n swaar juk, sal ek bysit by julle juk; my vader het julle met swepe gedissiplineer, maar ek sal julle met skerpioene dissiplineer."
- 12 Toe het Yarov'am en al die mense by Regav'am gekom op die derde dag soos die koning aangedui en gesê het: "Kom na my toe terug op die derde dag."
- 13 Die koning het die volk hard geantwoord, want hy het die raad wat die oudstes vir hom gegee het, verwerp
- 14 en met hulle gepraat volgens die raad van die jongmanne en gesê: "My vader het julle juk swaar gemaak, maar ek sal bysit by julle juk; my vader het julle met swepe gedissiplineer, maar ek sal julle met skerpioene dissiplineer."
- 15 So het die koning dan nie na die mense geluister nie, want dit was 'n reeks gebeurlikhede vanaf יהוה sodat Hy Sy woord kan vestig wat יהוה deur Agiyah, die Shilohiet, tot Yarov'am, die seun van N'vat, gepraat het.
- 16 Toe die hele Yisra'el sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die mense die koning geantwoord en gesê: "Watter deel het ons aan Dawid? Ons het geen erfenis aan die seun van Yishai nie! Na julle tente toe, Yisra'el! Kyk nou na jou eie huis, Dawid!" Yisra'el het na hulle tente toe gegaan,

- 17 maar Regav'am was koning oor die seuns van Yisra'el wat in die stede van Y'hudah gebly het.
- 18 Toe stuur koning Regav'am vir Adoram, wat oor die dwangarbeid was en die hele Yisra'el het hom gestenig sodat hy dood is. Koning Regav'am het hom gehaas om op sy strydwa te klim om na Yerushalayim te vlug.
- 19 Só was Yisra'el in rebellie teen die huis van Dawid tot vandag toe.
- 20 Dit het gebeur toe die hele Yisra'el hoor dat Yarov'am terug was, hulle gestuur en hom na die vergadering geroep en hom koning gemaak het oor die hele Yisra'el. Niemand behalwe die stam van Y'hudah het die huis van Dawid gevolg nie.
- 21 Toe Regav'am in Yerushalayim gekom het, het hy die hele huis van Y'hudah en die stam van Binyamin bymekaargeroep, een honderd en tagtig duisend manne wat soldate was, om teen die huis van Yisra'el te veg, om die koninkryk tot Regav'am, die seun van Shlomo, te herstel.
- 22 Die woord van God het egter tot Sh'ma'yah, die man van God, gekom en gesê:
- 23 "Praat met Regav'am, die seun van Shlomo, koning van Y'hudah en met die hele huis van Y'hudah en Binyamin en die res van die mense en sê:
- 24 'So sê יהוה: Julle mag nie opgaan en teen julle familie, die seuns van Yisra'el, veg nie; gaan elkeen terug na sy huis, want hierdie ding het van My af gekom.'" Hulle het na die woord van יהוה geluister en teruggegaan volgens die woord van יהוה.
- 25 Toe het Yarov'am Sh'khem gebou op die bergland van Efrayim en daar gebly en van daar af uitgegaan en P'nu'el gebou.
- 26 Yarov'am het in homself gesê: "Nou sal die koninkryk terugkeer na die huis van Dawid.
- 27 As hierdie mense opgaan om offers te bring in die huis van יהוה in Yerushalayim, dan sal die verstand, wil en emosie van hierdie mense terugkeer na hulle meester, na Regav'am, koning van Y'hudah en hulle sal my doodmaak en teruggaan na Regav'am, koning van Y'hudah."
- 28 Die koning het beraadslaag en twee goue kalwers gemaak en vir hulle gesê: "Dit is te veel vir julle om op te gaan na Yerushalayim; let op julle gode, o Yisra'el, wat julle uit die land van Mitzrayim gebring het!"
- 29 Hy het een in Beit-El opgerig en die ander in Dan.
- 30 Hierdie ding het 'n sonde geword, want die mense het gaan aanbid voor die een sover as Dan.
- 31 Hy het ook huise op hoë plekke gebou en priesters vanuit al die mense gemaak, wat nie uit die seuns van Levi was nie.
- 32 Yarov'am het 'n fees ingestel in die agtste maand, op die vyftiende dag van die maand, soos die fees wat in Y'hudah was en op die altaar geklim. Dit het hy in Beit-El gedoen en geoffer tot die kalwers wat hy gemaak het. Hy het ook die priesters vir die hoë plekke wat hy gemaak het, in Beit-El gesit.
- 33 Toe het hy opgegaan na die altaar wat hy in Beit-El gemaak het, op die vyftiende dag van die agtste maand, in die maand wat hy uit sy eie verstand, wil en emosie uitgedink het en hy het vir die seuns van Yisra'el 'n fees ingestel en opgegaan na die altaar om wierook te brand.

- 13** 1 Nou, let op, daar het 'n man van God uit Y'hudah, deur die woord van יהוה, in Beit-El aangekom terwyl Yarov'am by die altaar staan om wierook te brand.
- 2 Hy het uitgeroep teen die altaar deur die woord van יהוה en gesê: "Altaar, altaar, so sê יהוה: 'Let op, 'n seun sal gebore word vir die huis van Dawid met die naam van Yoshiyahu en op jou sal hy die priesters van die hoë plekke wat wierook op jou gebrand het, offer en mensbene sal op jou verbrand word.'" ^{2 Kon 23:15,16}
- 3 Toe het hy dieselfde dag 'n teken gegee en gesê: "Dit is die teken dat יהוה gepraat het: 'Let op, die altaar sal uitmekaarskeur en die as wat daarop is, afgegooi word.'"
- 4 Toe die koning die woord van die man van God hoor, wat hy teen die altaar in Beit-El uitgeroep het, steek Yarov'am sy hand uit vanaf die altaar en sê: "Gryp hom!" Sy hand wat hy teen hom uitgesteek het, het egter styf geword sodat hy dit nie weer kon terugtrek na homself toe nie.
- 5 Die altaar is ook uitmekaargeskeur en die as is van die altaar afgegooi volgens die teken wat die man van God gegee het deur die woord van יהוה.
- 6 Die koning sê aan die man van God: "Pleit asseblief van יהוה, jou God en bid vir my dat my hand aan my teruggegee sal word." Die man van God het van יהוה gepleit en die koning se hand is vir hom herstel en dit het geword soos vroeër.
- 7 Toe sê die koning vir die man van God: "Kom saam met my huis toe en verfris jouself en ek sal vir jou 'n beloning gee."
- 8 Die man van God sê egter vir die koning: "Selfs al gee u my die helfte van u huis, sal ek nie saam met u gaan nie en ook sal ek geen brood eet of water drink in hierdie plek nie,
- 9 want so het יהוה my beveel deur Sy woord en gesê: 'Jy mag geen brood eet of water drink of terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.'"
- 10 Hy het toe met 'n ander pad gegaan en nie teruggekeer met die pad waarmee hy na Beit-El gekom het nie.
- 11 'n Ou profeet het in Beit-El gebly en sy seuns het gekom en hom alles vertel wat die man van God dié dag in Beit-El gedoen het; ook die woorde wat hy met die koning gepraat het, het hulle vir hul vader vertel.
- 12 Hulle vader het vir hulle gesê: "Met watter pad het hy gegaan?" Sy seuns het die pad gesien waarmee die man van God, wat uit Y'hudah gekom het, weg is.
- 13 Toe sê hy vir sy seuns: "Saal vir my die donkie op." Hulle het vir hom die donkie opgesaal en hy het daarop wegger.
- 14 Hy het agter die man van God aan gegaan en hom gekry waar hy onder 'n eikeboom sit en hy sê vir hom: "Is jy die man van God wat uit Y'hudah gekom het?" Hy antwoord: "Ek is."
- 15 Toe sê hy vir hom: "Kom huis toe saam met my en eet brood."
- 16 Hy antwoord: "Ek kan nie teruggaan of saam met jou gaan nie; ek mag ook nie brood eet of saam met jou water in hierdie plek drink nie,
- 17 want 'n opdrag het na my toe gekom deur die woord van יהוה: 'Jy mag geen brood eet of water daar drink nie; jy mag nie terugkeer met die pad waarmee jy gegaan het nie.'"

- 18 Hy het vir hom gesê: “Ek is ook ’n profeet net soos jy en ’n boodskapper het met my gepraat deur die woord van יהוה en gesê: ‘Bring hom terug saam met jou na jou huis dat hy brood kan eet en water kan drink.’” Hy het vir hom gelieg.
- 19 Hy het saam met hom teruggegaan en in sy huis brood geëet en water gedrink.
- 20 Nou, dit het gebeur terwyl hulle aan tafel sit dat die woord van יהוה tot die profeet wat hom laat omdraai het kom
- 21 en hy roep uit tot die man van God wat uit Y’hudah gekom het en sê: “So sê יהוה: Omdat jy ongehoorsaam was aan die opdrag van יהוה en nie gehoorsaam was aan die opdrag wat יהוה, jou God, jou beveel het nie,
- 22 maar teruggegaan en brood geëet en water gedrink het in die plek waarvan Hy vir jou gesê het: Jy moet geen brood eet of water drink nie; daarom sal jou liggaam nie in die graf van jou vaders kom nie.”
- 23 Dit het gebeur nadat hy brood geëet en nadat hy gedrink het dat hy vir hom die donkie opsaal, vir die profeet wat hy teruggebring het.
- 24 Toe hy weg is, het ’n leeu hom op die pad ontmoet en hom doodgemaak. Sy lyk is op die pad neergegooi, met die donkie wat langs hom staan en die leeu wat ook langs die lyk bly staan het.
- 25 Let op, daar het manne verbygekom wat die lyk op die pad sien lê het en die leeu wat langs die lyk staan. Hulle het gekom en dit in die stad waar die ou profeet woon, vertel.
- 26 Toe die profeet wat hom teruggebring het van die pad af, dit hoor, sê hy: “Dit is die man van God wat ongehoorsaam was aan יהוה se opdrag; daarom het יהוה hom aan die leeu oorgegee, wat hom verskeur en hom doodgemaak het, volgens die woord van יהוה wat Hy met hom gepraat het.”
- 27 Toe praat hy met sy seuns en sê: “Saal vir my die donkie op.” Hulle het dit opgesaal.
- 28 Hy het gegaan en sy lyk op die pad neergegooi gekry, met die donkie en die leeu wat langs die lyk staan; die leeu het nie die lyk geëet of die donkie verskeur nie.
- 29 Die profeet het die lyk van die man van God opgetel en dit op die donkie gesit en dit teruggebring en in die stad van die ou profeet gekom om te rou en hom te begrawe.
- 30 Hy het sy lyk in sy eie graf neergelê en hulle het oor hom gerou: “Ag, my broer!”
- 31 Nadat hy hom begrawe het, sê hy vir sy seuns: “As ek sterf, begrawe my in die graf waar die man van God in begrawe is; lê my bene langs sy bene neer, ^{2 Kon 23:18}
- 32 want die ding sal sekerlik gebeur wat hy deur die woord van יהוה uitgeroep het teen die altaar in Beit-El en teen al die huise van die hoë plekke wat in die stede van Shomron is.
- 33 Ná hierdie gebeurtenis het Yarov’am nie van sy verkeerde pad af teruggekeer nie, maar weer priesters van die hoë plekke, vanuit al die mense, aangestel; elkeen wat wou, dié het hy aangestel, om priesters van die hoë plekke te wees.
- 34 Hierdie ding, wat vir die huis van Yarov’am sonde geword het, het dit verdelg en vernietig van die aarde af.

- 14** 1 In daardie tyd het Aviyah, die seun van Yarov'am, siek geword.
- 2 Yarov'am het vir sy vrou gesê: “Staan op en vermom jouself sodat hulle nie kan weet dat jy Yarov'am se vrou is nie en gaan na Shiloh; let op, Agiyah die profeet is daar, wat van my gesê het dat ek koning oor hierdie volk sou wees.
- 3 Vat tien brode, koeke en 'n houer met heuning saam met jou en gaan na hom toe. Hy sal vir jou vertel wat met die jongman sal gebeur.”
- 4 Yarov'am se vrou het so gedoen, opgestaan en na Shiloh gegaan en by die huis van Agiyah gekom. Agiyah kon nie sien nie, want sy oë was dof vanweë sy ouderdom.
- 5 יהוה het vir Agiyah gesê: “Let op, die vrou van Yarov'am kom om jou te raadpleeg oor haar seun, want hy is siek; so en so moet jy vir haar sê, want dit sal wees dat as sy kom, sy sal voorgee om 'n ander vrou te wees.”
- 6 Toe Agiyah die geluid van haar voete hoor toe sy by die deur inkom, sê hy: “Kom in, vrou van Yarov'am! Waarom gee jy voor om 'n ander vrou te wees? Ek is na jou gestuur met 'n harde boodskap.
- 7 Gaan sê vir Yarov'am: ‘So sê יהוה, die God van Yisra'el: aangesien Ek jou van tussen die mense af opgelig en jou leier oor My volk Yisra'el gemaak
- 8 en die koninkryk van die huis van Dawid af weggeskeur en dit vir jou gegee het; [tog was jy nie soos My kneg Dawid, wat My opdragte gehou en My met sy hele verstand, wil en emosie gevolg het, om net te doen wat reg is in My oë, nie;
- 9 jy het ook meer boosheid gedoen as almal wat voor jou was en vir jou ander gode en gegote beelde gaan maak om My te tart tot woede en My agter jou rug gegooi;]
- 10 daarom, let op, Ek bring onheil oor die huis van Yarov'am en sal van Yarov'am af afsny al wat manlik is in Yisra'el, beide slaaf en vryman en Ek sal die huis van Yarov'am skoonvee soos 'n mens mis wegvee totdat daar niks van oor is nie.
- 11 Enige een wat aan Yarov'am behoort wat in die stad sterf, hom sal die honde eet en hom wat in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet, want יהוה het dit gesê.’
- 12 Staan op, gaan na jou huis toe. Wanneer jou voete die stad ingaan, sal die seun sterf.
- 13 Die hele Yisra'el sal oor hom rou en hom begrawe, want hy alleen van Yarov'am se familie sal na die graf toe kom omdat in die huis van Yarov'am in hom iets goeds gevind is teenoor יהוה, die God van Yisra'el.
- 14 Meer nog, יהוה sal vir Homself 'n koning oor Yisra'el opwek wat die huis van Yarov'am op dié dag sal uitwis en van nou af reeds.
- 15 יהוה sal Yisra'el slaan, soos 'n riet in die water heen en weer geskud word en Hy sal Yisra'el ontwortel uit hierdie goeie land uit wat Hy vir hulle vaders gegee het en hulle anderkant die Rivier (Eufrat) verstrooi omdat hulle hul Asherah beelde gemaak en יהוה tot woede getart het. ^{Deut 16:21,22}
- 16 Hy sal Yisra'el opgee vanweë die sondes van Yarov'am wat hy gedoen het en waardeur hy Yisra'el laat sondig het.”
- 17 Toe het Yarov'am se vrou opgestaan en weggegaan en in Tirtzah gekom. Onderwyl sy oor die drumpel die huis binnegaan, het die jongman gesterf.

- 18 Die hele Yisra'el het hom begrawe en oor hom gerou volgens die woord van יהוה wat Hy deur Agiyah, Sy kneg, die profeet, gepraat het.
- 19 Die res van die dae van Yarov'am, hoe hy oorlog gevoer en hoe hy geheers het, let op, dit is geskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el.'
- 20 Die tyd wat Yarov'am geregeer het, was twee en twintig jaar en hy is neergelê by sy vaders en sy seun Nadav het in sy plek geheers.
- 21 Regav'am, die seun van Shlomo, het geheers in Y'hudah; Regav'am was een en veertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir sewentien jaar in Yerushalayim regeer, die stad wat יהוה gekies het uit al die stamme van Yisra'el om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en die naam van sy moeder was Na'amah, die 'Ammoniet.
- 22 Y'hudah het boos gedoen in die oë van יהוה en Hom uitgetart tot jaloesie, meer as alles wat hulle vaders gedoen het, deur die sondes wat hulle gedoen het,
- 23 want hulle het ook vir hulle hoë plekke, pilare en Asherah beelde op elke hoë heuwel en onder elke groen boom gebou.
- 24 Daar was ook manlike kultusprostitute in die land. Hulle het gedoen volgens al die verfoeilikhede van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el onteien het.
- 25 Dit het in die vyfde jaar van koning Regav'am gebeur dat Shishak, die koning van Mitzrayim, teen Yerushalayim opgetrek het. ^{Deut 28:25}
- 26 Hy het die skatte van die huis van יהוה weggevat en die skatte van die huis van die koning en hy het alles gevat, selfs al die goue skilde wat Shlomo gemaak het.
- 27 Koning Regav'am het koper skilde in hulle plek gemaak en hulle oorgegee aan die sorg van die bevelvoerders van die wag, wat die ingang van die koning se huis bewaak het.
- 28 Toe het dit gebeur dat so dikwels as die koning in die huis van יהוה ingaan die wagte dit sou dra en dit weer terugbring in die wagkamer in.
- 29 Die res van die dae van Regav'am en alles wat hy gedoen het, is dit nie geskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 30 Daar was voortdurend oorlog tussen Regav'am en Yarov'am.
- 31 Regav'am is neergelê by sy vaders en is begrawe by sy vaders in die stad van Dawid en die naam van sy moeder was Na'amah, die 'Ammoniet en sy seun Aviyah het in sy plek koning geword.
- 15** 1 In die agttiende jaar van koning Yarov'am, die seun van N'vat, het Aviyah oor Y'hudah koning geword. ^{2 Kro 13:1-22}
- 2 Hy het drie jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was Ma'akhah, die dogter van Avshalom.
- 3 Hy het in al die sondes van sy vader geloop wat hy voor hom gedoen het en sy verstand, wil en emosie was nie volkome tot יהוה, sy God, toegewy soos die verstand, wil en emosie van sy vader, Dawid, nie,
- 4 maar ter wille van Dawid het יהוה, sy God, vir hom 'n lamp in Yerushalayim gegee om sy seun ná hom op te wek en Yerushalayim te vestig

- 5 omdat Dawid gedoen het wat reg was in die oë van יהוה, sonder om af te wyk van enige iets wat Hy hom beveel het, al die dae van sy lewe, behalwe in die saak van Uriyah, die Hittiet.
- 6 Daar was oorlog tussen Regav'am en Yarov'am, al die dae van sy lewe.
- 7 Die res van die dade van Aviyah en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie? Daar was ook oorlog tussen Aviyah en Yarov'am.
- 8 Aviyah is neergelê by sy vaders en hulle het hom in die stad van Dawid begrawe en Asa, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 9 In die twintigste jaar van Yarov'am, die koning van Yisra'el, het Asa begin heers as koning van Y'hudah. ^{2 Kro 14:1-16:14}
- 10 Hy het een en veertig jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was Ma'akhah, die kleindogter van Avshalom.
- 11 Asa het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, net soos sy vader Dawid.
- 12 Hy het ook die manlike kultusprostitute uit die land uitgesit en al die afgode wat sy vaders gemaak het, verwyder.
- 13 Hy het ook sy moeder, Ma'akhah, as koninginmoeder verwyder omdat sy 'n fees vir haar afgod gehou het en Asa het die afgod vernietig en by die Kidronspruit verbrand,
- 14 maar die hoë plekke is nie weggevat nie; nogtans was Asa se verstand, wil en emosie al sy dae volkome toegewy aan יהוה.
- 15 Hy het die toegewyde dinge van sy vader en sy eie toegewyde dinge in die huis van יהוה inbring: silwer, goud en gereedskap.
- 16 Daar was oorlog tussen Asa en Ba'sha, die koning van Yisra'el, al hulle dae.
- 17 Ba'sha, die koning van Yisra'el, het teen Y'hudah opgetrek en Ramah versterk om te verhoed dat enige een uitgaan vanaf, of ingaan na Asa, die koning van Y'hudah.
- 18 Toe vat Asa al die silwer en die goud wat oorgebly het in die skatkamers van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning en gee dit in die hand van sy diensknegte en koning Asa het hulle gestuur na Ben-Hadad, die seun van Tavraddon, die seun van Hezyon, die koning van Aram wat in Dammelek gebly het en gesê:
- 19 "Laat daar 'n verbond tussen my en u wees, soos tussen my vader en u vader. Let op, ek het vir u 'n geskenk van silwer en goud gestuur; gaan verbreek u verbond met Ba'sha, die koning van Yisra'el sodat hy van my af kan terugtrek.
- 20 Ben-Hadad het geluister na koning Asa en die bevelvoerders van sy leër teen die stede van Yisra'el gestuur en 'Iyon, Dan, Avel-Beit-Ma'akhah, die hele Kinn'rot asook die hele land van Naftali verower.
- 21 Toe Ba'sha dit hoor, het hy opgehou om Ramah te versterk en in Tirtzah gebly.
- 22 Toe maak koning Asa 'n aankondiging in die hele Y'hudah, niemand was vrygestel nie en hulle het die klippe en hout van Ramah, waarmee Ba'sha gebou het, weggedra. Koning Asa het Geva in Binyamin en Mitzpah daarmee gebou.
- 23 Die res van al die dade van Asa en al sy mag en alles wat hy gedoen het en die stede wat hy gebou het, is dit nie beskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie? In die tyd van sy ouderdom was hy siek aan sy voete.

- 24 Asa is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van sy vader, Dawid en Y'hoshafat sy seun het in sy plek geheers.
- 25 Nadav, die seun van Yarov'am, het koning geword oor Yisra'el in die tweede jaar van Asa, koning van Y'hudah en hy het twee jaar oor Yisra'el regeer.
- 26 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en gewandel in die pad van sy vader en in sy sonde waarmee hy Yisra'el laat sondig het.
- 27 Toe het Ba'sha, die seun van Agiyah, van die huis van Yissakhar, saamgesweer teen hom en Ba'sha het hom verslaan by Gibb'ton wat aan die F'lishtyne behoort terwyl Nadav en die hele Yisra'el besig was om Gibb'ton te beleër.
- 28 So het Ba'sha hom doodgemaak in die derde jaar van Asa, koning van Y'hudah en in sy plek geheers.
- 29 Dit het gebeur dat, sodra hy koning geword het, hy die hele huis van Yarov'am doodgemaak het. Hy het vir Yarov'am geen persoon laat oorbly nie totdat hy almal vernietig het, volgens die woord van יהוה wat Hy gepraat het deur sy dienskneg Agiyah, van Shiloh,
- 30 vanweë die sondes van Yarov'am wat hy gedoen en waarmee hy Yisra'el laat sondig het, deur sy uittarting waarmee hy יהוה, die God van Yisra'el, uitgetart het tot woede.
- 31 Die res van die dade van Nadav en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 32 Daar was oorlog tussen Asa en Ba'sha, koning van Yisra'el, al hulle dae.
- 33 In die derde jaar van Asa, koning van Y'hudah, het Ba'sha, die seun van Agiyah, koning geword oor die hele Yisra'el in Tirtzah, vier en twintig jaar lank.
- 34 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en geloop in die pad van Yarov'am en in sy sonde waarmee hy Yisra'el laat sondig het.
- 16** 1 Die woord van יהוה teen Ba'sha, het tot Yehu, die seun van Hanani gekom en gesê:
- 2 "In sover Ek jou uit die stof opgelig en jou as leier oor My volk Yisra'el aangestel het en jy in die pad van Yarov'am geloop en My volk Yisra'el laat sondig het, om My te tart tot woede oor hulle sondes,
- 3 let op, Ek sal Ba'sha en sy huis verteer en Ek sal jou huis maak soos die huis van Yarov'am, die seun van N'vat.
- 4 Enige een van Ba'sha wat in die stad sterf, hom sal die honde eet en enige een van hom wat in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet."
- 5 Die res van die dade van Ba'sha, wat hy gedoen het en sy mag, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 6 Ba'sha is neergelê by sy vaders en is begrawe in Tirtzah en sy seun Elah het in sy plek koning geword.
- 7 Die woord van יהוה deur die profeet Yehu, die seun van Hanani, het ook teen Ba'sha en sy huishouding gekom, beide as gevolg van al die boosheid wat hy in die oë van יהוה gedoen het, deur Hom te tart tot woede met sy handewerk deur soos die huis van Yarov'am te wees en ook omdat hy hom doodgemaak het.

- 8 In die ses en twintigste jaar van Asa, koning van Y'hudah, het Elah, die seun van Ba'sha, oor Yisra'el koning geword in Tirtzah, twee jaar lank.
- 9 Sy dienskneg Zimri, bevelvoerder van die helfte van sy strydwaens, het teen hom saamgesweer. Hy het homself in Tirtzah dronk gedrink in die huis van Artza, wat oor die huishouding in Tirtzah was.
- 10 Toe het Zimri ingegaan en hom doodgeslaan in die sewe en twintigste jaar van Asa, koning van Y'hudah en het in sy plek koning geword.
- 11 Die oomblik toe hy koning word en op sy troon gaan sit, het dit gebeur dat hy die hele huishouding van Ba'sha doodgemaak het; hy het nie 'n enkele man laat oorbly nie; nie sy bloedverwante of sy vriende nie.
- 12 So het Zimri die hele huishouding van Ba'sha vernietig volgens die woord van יהוה wat Hy teen Ba'sha, deur die profeet Yehu, gepraat het
- 13 vir al die sondes van Ba'sha en die sondes van Elah, sy seun, wat hulle gesondig het en waarmee hulle Yisra'el laat sondig het, om יהוה, die God van Yisra'el, te tart tot woede met hulle afgode.
- 14 Die res van die daade van Elah en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 15 In die sewe en twintigste jaar van Asa, koning van Y'hudah, het Zimri vir sewe dae lank geheers in Tirtzah. Die manne het Gibb'ton beleër wat aan die F'lishtyne behoort.
- 16 Die manne wat beleër het, het dit hoor sê: "Zimri het saamgesweer en het ook die koning doodgeslaan;" daarom het die hele Yisra'el dieselfde dag vir 'Omri, die bevelvoerder van die leër, in die kamp koning gemaak oor Yisra'el.
- 17 Toe het 'Omri en die hele Yisra'el saam met hom opgegaan vanaf Gibb'ton en Tirtzah beleër.
- 18 Toe Zimri sien dat die stad ingeneem is, het hy in die vesting van die koning se huis ingegaan en die huis van die koning oor hom aan die brand gestee en hy is dood,
- 19 as gevolg van sy sondes wat hy gesondig het deur te doen wat boos was in die oë van יהוה, deur te loop op die pad van Yarov'am en in sy sonde wat hy gedoen het om Yisra'el te laat sondig.
- 20 Die res van die daade van Zimri en sy sameswering wat hy gehad het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 21 Toe is die volk van Yisra'el verdeel in twee dele: die helfte van die mense het vir Tivni, die seun van Ginat, gevolg om hom koning te maak; die ander helfte het vir 'Omri gevolg.
- 22 Die mense wat vir 'Omri gevolg het, was te sterk vir die mense wat vir Tivni, die seun van Ginat, gevolg het en Tivni het gesterf en 'Omri het koning geword.
- 23 In die een en dertigste jaar van Asa, koning van Y'hudah, het 'Omri oor Yisra'el koning geword, twaalf jaar lank; hy het ses jaar in Tirtzah geheers.
- 24 Hy het die berg Shomron van Shemer gekoop vir twee talente silwer en op die berg gebou en die stad wat hy gebou het, Shomron genoem volgens die naam van Shemer, die eienaar van die berg.
- 25 'Omri het boos gedoen in die oë van יהוה en meer boos gehandel as almal wat voor hom was,

- 26 want hy het geloop in al die paaie van Yarov'am, die seun van N'vat en in sy sondes waarmee hy Yisra'el laat sondig het, om יהוה, die God van Yisra'el, te tart met hulle afgode.
- 27 Die res van die dade van 'Omri, wat hy gedoen het en sy mag wat hy gewys het, is dit nie beskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 28 'Omri is neergelê by sy vaders en is in Shomron begrawe en sy seun Ag'av het in sy plek koning geword.
- 29 Ag'av, die seun van 'Omri, het koning geword oor Yisra'el in die agt en dertigste jaar van Asa, koning van Y'hudah en Ag'av, die seun van 'Omri, het twee en twintig jaar lank in Shomron oor Yisra'el regeer.
- 30 Ag'av, die seun van 'Omri, het boos gedoen in die oë van יהוה, meer as almal wat voor hom was.
- 31 Dit het gebeur, asof dit die minste was vir hom om in die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, te loop, dat hy Izevel, die dogter van Et-Ba'al, die koning van die Tzidoniërs, getrou het en Ba'al gaan dien en voor hom neergebuig en aanbid het.
- 32 Hy het vir Ba'al 'n altaar opgerig in die huis van Ba'al wat hy in Shomron gebou het.
- 33 Ag'av het ook die Asherah opgerig. So het Ag'av meer gedoen om יהוה, die God van Yisra'el, te tart as al die konings van Yisra'el wat voor hom was. ^{Deut 16:21}
- 34 In sy dae het Hi'el, van Beit-El, Yerigo gebou; hy het sy fondasies met die verlies van Aviram, sy eersgeborene, gelê en sy poorte opgerig met die verlies van S'guv, sy jongste, volgens die woord van יהוה wat Hy deur Y'hoshua, die seun van Nun, gepraat het. ^{Y'ho 6:26}
- 17** 1 Eliyahu, vanaf Tishbe, wat van die setlaars in Gil'ad was, het vir Ag'av gesê: "So waar as יהוה, die God van Yisra'el, leef, voor wie ek staan, daar sal sekerlik geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!"
- 2 Die woord van יהוה het na hom gekom en gesê:
- 3 "Gaan hiervandaan weg en draai ooswaarts en steek jouself weg by die spruit K'rit, wat oos van die Yarden is.
- 4 Dit sal wees dat jy van die spruit sal drink en Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te voorsien."
- 5 Hy het gegaan en gedoen volgens die woord van יהוה, want hy het gaan bly by die spruit K'rit, wat oos van die Yarden is.
- 6 Die kraaie het in die oggend vir hom brood en vleis gebring en brood en vleis teen sonsondergang en hy het uit die spruit gedrink.
- 7 Dit het gebeur na 'n rukkie dat die spruit opgedroog het, want daar was geen reën in die land nie.
- 8 Toe kom die woord van יהוה na hom en sê:
- 9 "Staan op, gaan na Tzarfat wat in Tzidon is en bly daar; let op, Ek het 'n weduwee daar beveel om vir jou te voorsien."
- 10 Hy het opgestaan en na Tzarfat gegaan en toe hy by die hek van die stad kom, let op, was 'n weduwee besig om daar houtjies bymekaar te maak en hy roep haar en sê: "Gaan haal asseblief vir my 'n bietjie water in die houer sodat ek kan drink."

- 11 Terwyl sy gaan om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: "Bring asseblief vir my 'n stukkie brood in jou hand."
- 12 Sy antwoord egter: "So waar as יהוה, u God, leef, ek het geen brood nie, net 'n handvol meel in die houer en 'n bietjie olie in die kruik en let op, ek maak nou 'n paar houtjies bymekaar sodat ek in kan gaan en vir my en my seun kan voorberei sodat ons dit kan eet en sterf."
- 13 Toe sê Eliyahu vir haar: "Moenie vrees nie, gaan, doen soos jy gesê het, maar maak eers daarvan vir my 'n klein broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jôu en jou seun maak,
- 14 want so sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Die meel in die houer sal nie uitgeput raak of die olie in die kruik leeg word nie, tot op die dag dat יהוה reën op die aarde sal gee."
- 15 Sy het gegaan en gedoen volgens die woord van Eliyahu en sy, hy en haar huishouding het vir baie dae lank geëet.
- 16 Die meel in die houer is nie uitgeput en die olie in die kruik het nie leeg geword nie, volgens die woord van יהוה wat Hy deur Eliyahu gesê het.
- 17 Dit het gebeur ná hierdie dinge dat die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword het en sy siekte was so ernstig dat daar geen asem in hom oor was nie.
- 18 Sy sê vir Eliyahu: "Wat het ek met u te doen, man van God? U het na my gekom om my oortredinge in herinnering te bring en my seun dood te maak!"
- 19 Hy antwoord haar: "Gee vir my jou seun. Toe het hy hom van haar bors af weggevat en hom opgedra na die bo-kamer waar hy gebly het en hom op sy eie bed neergelê.
- 20 Hy het na יהוה toe uitgeroep en gesê: "יהוה, my God, het U ook oor die weduwee by wie ek bly, 'n onheil gebring deur haar seun te laat sterf?"
- 21 Toe het hy homself drie maal uitgestrek oor die seun en יהוה aangeroep en gesê: "יהוה, my God, ek vra U, laat hierdie seun se lewe na hom terugkeer."
- 22 יהוה het Eliyahu se stem gehoor en die lewe van die seun het na hom toe teruggekeer en hy het weer geleef.
- 23 Eliyahu vat die seun en bring hom af uit die bo-kamer in die huis en gee hom aan sy moeder en Eliyahu sê: "Kyk, jou seun lewe!"
- 24 Toe sê die vrou vir Eliyahu: "Nou weet ek dit: dat u 'n man van God is en dat die woord van יהוה, in u mond, waarheid is." ^{Deut 18:22}
- 18** 1 Dit het gebeur na baie dae dat die woord van יהוה in die derde jaar tot Eliyahu gekom en gesê het: "Gaan, wys jouself aan Ag'av en Ek sal reën gee op die aarde."
- 2 Eliyahu het gegaan om homself aan Ag'av te wys. Die hongersnood was swaar in Shomron.
- 3 Ag'av het vir 'Ovadyah, wat oor die huishouding was, geroep. 'Ovadyah het יהוה baie respektvol gevrees,

- 4 want toe Izevel die profete van יהוה vernietig het, het 'Ovadyah 'n honderd profete gevat en hulle in groepe van vyftig in 'n grot weggesteek en hulle van brood en water voorsien.
- 5 Toe het Ag'av vir 'Ovadyah gesê: "Trek deur die land na al die waterfonteine en na al die valleie; miskien sal ons gras kry en die perde en muile aan die lewe hou en nie van die beeste hoef dood te maak nie."
- 6 Hulle het die land tussen hulle verdeel om deur dit te trek; Ag'av het alleen in een rigting gegaan en 'Ovadyah 'n ander pad op sy eie.
- 7 Terwyl 'Ovadyah op pad was, let op, ontmoet Eliyahu hom en hy het hom herken en op sy gesig neergeval en gevra: "Is dit u, Eliyahu, my meester?"
- 8 Hy sê vir hom: "Dit is ek; gaan sê vir jou meester: 'Let op, Eliyahu is hier.'"
- 9 Hy sê: "Watter sonde het ek gesondig dat u u dienaar oorgee in die hand van Ag'av om my dood te maak?"
- 10 So waar as יהוה, u God, leef, daar is geen nasie of koninkryk waarheen my meester nie gestuur het om na u te soek nie en as hulle sê: 'Hy is nie hier nie,' dan het hy die koninkryk en die nasie laat sweer dat hulle u nie kon kry nie.
- 11 Nou beveel u en sê: 'Gaan sê vir jou meester: "Let op, Eliyahu is hier!"'
- 12 Dit sal gebeur as ek u verlaat dat die Gees van יהוה u sal wegdra na waar ek nie weet nie; as ek kom en Ag'av vertel en hy u nie kan vind nie, sal hy my doodmaak, alhoewel ek, u dienskneg, יהוה respektvol vrees van my jeug af.
- 13 Is dit nie aan my meester vertel wat ek gedoen het toe Izevel die profete van יהוה doodgemaak het nie; dat ek 'n honderd van die profete van יהוה, in groepe van vyftig, in 'n grot weggesteek en hulle van brood en water voorsien het nie?
- 14 Nou sê u: 'Gaan sê vir jou meester: "Let op, Eliyahu is hier!"' Hy sal my dan doodmaak!'
- 15 Eliyahu sê: "So waar as יהוה-Tzva'ot leef, voor wie se Teenwoordigheid ek staan, ek sal myself sekerlik vandag aan hom wys!"
- 16 'Ovadyah het Ag'av gaan ontmoet en hom vertel en Ag'av het gegaan om Eliyahu te ontmoet.
- 17 Toe Ag'av Eliyahu sien, vra Ag'av vir hom: "Is dit jy, jou versteurder van Yisra'el?"
- 18 Hy antwoord: "Ek het Yisra'el nie versteur nie, maar u en u vader se huis het omdat u die opdragte van יהוה verlaat en die Ba'als gevolg het.
- 19 Stuur dan nou en laat die hele Yisra'el by my bymekaarkom op die berg Karmel, saam met vier honderd en vyftig profete van Ba'al en vier honderd en vyftig profete van die Asherah wat aan Izevel se tafel eet."
- 20 Ag'av het gestuur na al die seuns van Yisra'el en die profete op die berg Karmel bymekaar gebring.
- 21 Eliyahu het nadergekom na al die mense en gesê: "Hoe lank sal julle aarsel tussen twee opinies? As יהוה God is, volg Hom, maar as Ba'al is, volg hom!" Die mense het hom egter nie 'n woord geantwoord nie.
- 22 Toe sê Eliyahu vir die mense: "Ek het alleen oorgebly as profeet van יהוה, maar die profete van Ba'al is vier honderd en vyftig man.

- 23 Laat hulle nou vir ons twee jong bulle gee en laat hulle vir hulself een jong bul uitkies en dit in stukke opsny en op die hout sit, maar geen vuur maak nie en ék sal die ander jong bul gereed maak en op die hout sit en ek sal geen vuur maak nie.
- 24 Dan doen julle 'n beroep op die karakter en outoriteit van julle god en ék op die Karakter en Outoriteit van יהוה en die God wat met vuur antwoord, Hy is God. Al die mense het geantwoord en gesê: "Dit is 'n goeie woord."
- 25 Eliyahu het vir die profete van Ba'al gesê: "Kies vir julleself een jong bul en berei dit eerste voor, want julle is baie en beroep julle op die karakter en outoriteit van julle god, maar maak geen vuur nie."
- 26 Toe vat hulle die jong bul wat vir hulle gegee is en berei dit voor en roep die naam (karakter en outoriteit) van Ba'al aan vanaf die oggend tot die middag en sê: "O Ba'al, antwoord ons!" Daar was egter geen stem en niemand het geantwoord nie. Hulle het rondom die altaar, wat hulle gebou het, gespring.
- 27 Dit het op die middag gebeur dat Eliyahu met hulle gespot en gesê het: "Roep met 'n harde stem, want hy is 'n god! Hy is seker besig of hy het eenkant toe gegaan, of hy is seker op reis, of miskien slaap hy en moet wakker gemaak word."
- 28 Hulle het met 'n harde stem geroep en hulleself volgens hul tradisie met swaarde en spiese gesny tot die bloed uit hulle gespuut het.
- 29 Toe die middag verby is, het hulle geraas tot op die tyd van die aandoffer, maar daar was geen stem, niemand het geantwoord nie en niemand het aandag gegee nie.
- 30 Toe sê Eliyahu vir al die mense: "Kom nader aan my." Al die mense het nadergekom na hom toe en hy het die altaar van יהוה herstel wat afgebreek is.
- 31 Eliyahu het twaalf klippe gevat, volgens die getal van die stamme van Ya'akov se seuns tot wie die woord van יהוה gekom het om te sê: "Yisra'el sal jou naam wees."
- 32 Met die klippe bou hy 'n altaar in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hy het 'n sloot rondom die altaar gemaak, groot genoeg om twee seah saad te hou.
- 33 Hy het die hout rangskik, die jong bul in stukke gesny en dit bo-op die hout gelê.
- 34 Hy het gesê: "Maak vier kruike vol water en gooi dit op die brandoffer en op die hout." Hy het ook gesê: "Doen dit 'n tweede keer." Hulle het dit 'n tweede keer gedoen. Hy sê weer: "Doen dit vir 'n derde keer." Hulle het dit vir 'n derde keer gedoen.
- 35 Die water het rondom die altaar gevloei en hy het ook die sloot vol water gemaak.
- 36 Op die tyd dat die aandoffer geoffer word, het die profeet Eliyahu nadergekom en gesê: יהוה, God van Avraham, Yitz'gak en Yisra'el, laat dit vandag bekend wees dat U God in Yisra'el is en dat ek U dienskneg is en dat ek al hierdie dinge volgens U woord gedoen het.
- 37 Antwoord my, יהוה, antwoord my sodat hierdie volk kan weet dat U, יהוה, God is en dat U hulle verstand, wil en emosie weer teruggedraai het."
- 38 Toe het die vuur van יהוה neergeval en die brandoffer, die hout, die klippe en die stof verteer en die water wat in die sloot was, opgelek.
- 39 Toe al die mense dit sien, het hulle op hul gesig neergeval en gesê: יהוה, Hy is God, יהוה, Hy is God."

- 40 Toe sê Eliyahu vir hulle: "Gryp die profete van Ba'al; moenie dat een van hulle ontsnap nie." Hulle het hul gegryp en Eliyahu het hulle afgebring na die spruit Kishon en hulle daar doodgeslaan.
- 41 Toe sê Eliyahu vir Ag'av: "Gaan op, eet en drink, want daar is die gedruis van 'n reënbui!"
- 42 Ag'av het opgegaan om te eet en te drink, maar Eliyahu het na die top van Karmel gegaan en hy het op die grond afgebuig en sy gesig tussen sy knieë gesit.
- 43 Hy sê vir sy dienskneg: "Gaan nou op, kyk na die see toe." Hy het opgegaan en gekyk en gesê: "Daar is niks nie." Hy sê: "Gaan weer," sewe keer.
- 44 Dit het die sewende keer gebeur dat hy sê: "Let op, 'n wolkie so klein soos 'n man se hand kom op uit die see." Hy sê: "Gaan op, sê vir Ag'av: 'Berei jou strydwa voor en gaan af sodat die reënbui jou nie stop nie.'"
- 45 In 'n kort tydjie het die hemel swart geword van wolke en wind en daar was 'n groot reënbui en Ag'av het gery en na Yizre'el gegaan.
- 46 Toe was die hand van יהוה oor Eliyahu en hy het sy heupe vasgebind en verby Ag'av gehardloop na Yizre'el.
- 19** 1 Ag'av het vir Izevel alles vertel wat Eliyahu gedoen het en hoe hy al die profete met die swaard doodgemaak het.
- 2 Toe stuur Izevel 'n boodskapper na Eliyahu en sê: "Mag die gode so met my doen en selfs meer, as ek nie jou lewe teen môre omtrent hierdie tyd maak soos die lewe van een van hulle, nie."
- 3 Hy was bang en het opgestaan en vir sy lewe gehardloop en by Be'er-Sh'va, wat aan Y'udah behoort, gekom en sy dienskneg daar gelos.
- 4 Hyself het egter 'n dagreis ver die wildernis ingegaan en daar onder 'n jeneverbos gaan sit en gewens dat hy mag sterf en hy het gesê: "Dit is genoeg; יהוה, vat nou my lewe, want ek is nie beter as my vaders nie."
- 5 Hy het gaan lê en slaap onder 'n jeneverbos en let op, daar was 'n boodskapper wat hom aangeraak het en vir hom sê: "Staan op, eet!"
- 6 Toe hy kyk, let op, was daar 'n broodkoek, op warm klippe gebak en 'n kruik water by sy kop. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.
- 7 Die boodskapper van יהוה het weer vir die tweede maal gekom en hom aangeraak en gesê: "Staan op, eet, want die pad is te veel vir jou."
- 8 Hy het opgestaan, geëet en gedrink en deur die krag van daardie kos veertig dae en veertig nagte lank gereis tot by Horev, die berg van God.
- 9 Toe kom hy daar by 'n grot en het daar gebly en let op, die woord van יהוה het tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Eliyahu?"
- 10 Hy antwoord: "Ek was baie ywerig vir יהוה, die God van die leërskaie, want die seuns van Yisra'el het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die swaard doodgemaak en ek alleen is oor en hulle soek my lewe om dit weg te vat."
- 11 Hy sê: "Gaan en staan op die berg voor die Teenwoordigheid van יהוה." Let op, יהוה het verbygegaan. 'n Groot en sterk wind het die berge geskeur en die rotse in stukke gebreek voor יהוה; יהוה was nie in die wind nie; ná die wind, 'n aardbewing; יהוה was nie in die aardbewing nie;

- 12 ná die aardbewing, 'n vuur; **יהוה** was nie in die vuur nie; ná die vuur, die klank van 'n sagte gewaai.
- 13 Toe Eliyahu dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegedraai en uitgegaan en by die ingang van die grot gaan staan. Let op, daar kom 'n stem na hom toe wat sê: "Wat maak jy hier, Eliyahu?"
- 14 Toe antwoord hy: "Ek was baie ywerig vir **יהוה**, die God van die leërskaare, want die seuns van Yisra'el het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die swaard doodgemaak en ek alleen is oor en hulle soek my lewe om dit weg te vat."
- 15 **יהוה** sê vir hom: "Gaan terug op jou pad na die wildernis van Dammesek en wanneer jy aangekom het, moet jy Haza'el koning oor Aram salf; ^{2 Kon 8:10-13}
- 16 Yehu, die seun van Nimshi, moet jy salf as koning oor Yisra'el; Elisha, die seun van Shafat, vanaf Avel-M'golah, moet jy salf as profeet in jou plek. ^{2 Kon 9:2}
- 17 Dit sal gebeur: die een wat van die swaard van Haza'el ontsnap, sal Yehu doodmaak en die een wat van die swaard van Yehu ontsnap, sal Elisha doodmaak.
- 18 Tog sal Ek sewe duisend in Yisra'el laat oorbly, al die knieë wat nie voor Ba'al gebuig en elke mond wat hom nie gesoen het nie."
- 19 Hy het toe daarvandaan weggegaan en Elisha, die seun van Shafat, gekry terwyl hy geploeg het met twaalf paar osse voor hom en hyself met die twaalfde paar. Eliyahu het na hom toe oorgegaan en sy mantel op hom gegooi.
- 20 Hy het die osse gelos en agter Eliyahu aan geloop en gesê: "Laat ek asseblief my vader en my moeder soen; dan sal ek u volg." Hy antwoord hom: "Gaan weer terug, want wat het ek aan jou gedoen?"
- 21 Hy het teruggedraai daarvan om hom te volg en die paar osse gevat en hulle geoffer en met die osse se trekgoed het hy hulle vleis gekook en aan die mense gegee en hulle het geëet. Toe het hy opgestaan en Eliyahu gevolg en hom bedien.
- 20** 1 Ben-Hadad, koning van Aram, het sy hele leër bymekaargemaak en daar was twee en dertig konings saam met hom, met perde en strydwaens en hy het opgetrek en Shomron beleër en daarteen geveg.
- 2 Toe het hy boodskappers na Ag'av, die koning van Yisra'el, in die stad gestuur en vir hom gesê: "So sê Ben-Hadad:
- 3 'U silwer en u goud is myne; u mooiste vroue en kinders is ook myne.'"
- 4 Die koning van Yisra'el antwoord: "Dit is volgens u woord, my meester die koning; ek is u s'n en alles wat ek het!"
- 5 Toe kom die boodskappers terug en sê: "So sê Ben-Hadad: 'Verseker het ek gestuur en vir u gesê: "U moet u silwer, u goud, u vroue en u kinders vir my gee,"
- 6 maar omtrent hierdie tyd môre sal ek my diensknegte na u toe stuur en hulle sal u huis en die huise van u diensknegte deursoek en hulle sal alles wat begeerlik is in u oë, in hulle hand sit en wegdra.'"
- 7 Toe roep die koning van Yisra'el al die oudstes van die land en sê: "Kyk asseblief en sien hoe hierdie man moeilikheid soek, want hy het na my toe gestuur vir my vroue, my kinders, my silwer en my goud en ek het hom nie geweier nie."
- 8 Al die oudstes en al die mense antwoord hom: "Moenie luister of inwillig nie."

- 9 Hy het vir die boodskappers van Ben-Hadad gesê: “Sê vir my meester die koning: ‘Alles waarvoor u die eerste keer na u dienskneg gestuur het, sal ek doen, maar hierdie ding kan ek nie doen nie.’” Die boodskappers het weggegaan en weer vir hom ’n antwoord gebring.
- 10 Ben-Hadad het gestuur en vir hom gesê: “Mag die gode so aan my doen en ook meer, as die stof van Shomron genoeg sal wees vir ’n handvol aan elke man wat my volg!”
- 11 Toe antwoord die koning van Yisra’el: “Sê vir hom: ‘Laat die een wat sy wapenrusting aantrek nie roem soos een wat dit uittrek nie.’”
- 12 Toe hy hierdie boodskap hoor terwyl hy besig was om te drink saam met die konings in die tydelike skuilings, sê hy vir sy diensknegte: “Neem posisie in!” Hulle het posisie ingeneem teen die stad.
- 13 Nou let op, ’n profeet het Ag’av, die koning van Yisra’el, genader en gesê: “So sê יהוה: ‘Het jy hierdie hele groot menigte gesien? Let op, Ek lewer hulle vandag in jou hand oor en jy sal weet dat Ek יהוה is.’”
- 14 Ag’av sê: “Deur wie?” Hy antwoord: “So sê יהוה: ‘Deur die jongmanne van die heersers van die provinsies.’” Hy sê: “Wie moet die geveg begin?” Hy antwoord: “U.”
- 15 Toe roep hy die jongmanne van die heersers van die provinsies op en hulle was twee honderd twee en dertig en ná hulle roep hy al die manne op, al die seuns van Yisra’el: sewe duisend.
- 16 Hulle het op die middag uitgegaan terwyl Ben-Hadad homself dronk gedrink het in die tydelike skuilings, saam met die twee en dertig konings wat hom gehelp het.
- 17 Die jongmanne van die heersers van die provinsies het eerste uitgegaan en Ben-Hadad het uitgestuur en hulle het hom berig gebring en gesê: “Manne het uit Shomron gekom.”
- 18 Toe sê hy: “As hulle vir vrede uitgekom het, gryp hulle lewendig; of as hulle vir oorlog uitgekom het, gryp hulle lewendig.”
- 19 So het hulle, die jongmanne van die heersers van die provinsies, uit die stad uitgegaan en die leër wat hulle volg.
- 20 Hulle het elkeen sy man doodgemaak en die Arameërs het gevlug en Yisra’el het hulle agtervolg en Ben-Hadad, koning van Aram, het ontsnap op ’n perd saam met perderuiters.
- 21 Die koning van Yisra’el het uitgegaan en perde en strydwaens neergeslaan en die Arameërs doodgemaak in ’n groot slagting.
- 22 Toe kom die profeet na die koning van Yisra’el en sê vir hom: “Gaan, versterk uself en ondersoek en kyk wat u moet doen, want met die draai van die jaar sal die koning van Aram teen u opkom.”
- 23 Die diensknegte van die koning van Aram het vir hom gesê: “Hulle gode is gode van die berge; daarom was hulle sterker as ons, maar laat ons eerder teen hulle baklei op die vlakte en ons sal sekerlik sterker wees as hulle.
- 24 Doen daarom dit: verwyder die konings, elkeen uit sy plek en sit bevelvoerders in hulle plek

- 25 en maak 'n leër bymekaar soos die leër wat u verloor het, perd vir perd, strydwa vir strydwa. Dan sal ons teen hulle in die vlakte veg en ons sal sekerlik sterker wees as hulle.” Hy het na hulle stem geluister en so gedoen.
- 26 Met die draai van die jaar het Ben-Hadad die Arameërs bymekaar gebring en opgegaan na Afek om teen Yisra'el te veg.
- 27 Die seuns van Yisra'el was saamgetrek, van lewensmiddele voorsien en het gegaan om hulle te ontmoet en die seuns van Yisra'el het teenoor hulle gekamp soos twee troppies bokke, maar die Arameërs het die land gevul.
- 28 Toe kom 'n man van God nader en praat met die koning van Yisra'el en sê: “So sê יהוה: ‘Omdat die Arameërs gesê het: יהוה is 'n god van die berge, maar Hy is nie 'n god van die valleie nie,’” sal Ek hierdie hele groot menigte in jou hand gee en jy sal weet dat Ek יהוה is.”
- 29 Hulle het vir sewe dae lank teenoor mekaar gekamp en op die sewende dag het die geveg begin en die seuns van Yisra'el het 'n honderd duisend voetgangers van die Arameërs op een dag verslaan,
- 30 maar die res het na Afek, in die stad in gevlug en die muur het op sewe en twintig duisend man wat oor was geval. Ben-Hadad het gevlug en in die stad, in 'n binnekamer gekom.
- 31 Sy diensknegte sê vir hom: “Let op, ons het gehoor dat die konings van die huis van Yisra'el genadige konings is; laat ons asseblief rouklere om ons heupe bind en toue om ons koppe en uitgaan na die koning van Yisra'el; miskien sal hy u lewe spaar.”
- 32 Hulle het rouklere om hul heupe vasgebind en toue om hul koppe en na die koning van Yisra'el gekom en gesê: “U dienskneg Ben-Hadad sê: ‘Laat my asseblief lewe!’” Hy antwoord: “Lewe hy dan nog? Hy is my broer.”
- 33 Die manne het dit as 'n voorteken gevat en sy woord opgevang en gesê: “Ben-Hadad, u broer!” Toe sê hy: “Gaan, bring hom.” Ben-Hadad het uitgekom na hom toe en hy het hom op die strydwa laat klim.
- 34 Ben-Hadad sê vir hom: “Die stede wat my vader van u vader afgeneem het, sal ek teruggee en u kan vir u strate aanlê in Dammesek soos my vader in Shomron aangelê het.” Ag'av het gesê: “Ek sal u met hierdie verbond laat gaan.” Hy het met hom 'n verbond aangegaan en hom laat gaan.
- 35 'n Sekere man uit die profete-seuns het deur die woord van יהוה vir 'n ander gesê: “Slaan my asseblief!” Die man het egter geweier om hom te slaan.
- 36 Toe sê hy vir hom: “Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister het nie, let op, sodra jy van my af weggaan, sal 'n leeu jou doodmaak.” Toe hy van hom af weggaan, het 'n leeu hom gekry en hom doodgemaak.
- 37 Toe het hy 'n ander man gekry en gesê: “Slaan my asseblief!” Die man het hom geslaan en hom beseer.
- 38 Toe vertrek die profeet en wag vir die koning op die pad en vermom homself met 'n verband oor sy oë.

- 39 Soos die koning verbygaan, roep hy uit na die koning en sê: "U dienskneg het uitgegaan in die middel van die geveg en let op, daar kom iemand eenkant toe en bring 'n man na my toe en sê: 'Bewaak hierdie man; as hy vir enige rede wegraak, sal jou lewe in die plek van sy lewe wees, of anders moet jy 'n talent silwer betaal.'"
- 40 Terwyl u dienskneg hier en daar besig was, het hy verdwyn. Die koning van Yisra'el sê vir hom: "So sal jou vonnis wees: jy het dit self bepaal."
- 41 Toe vat hy gou die verband van sy oë af en die koning van Yisra'el herken hom as een van die profete.
- 42 Hy sê vir hom: "So sê יהוה: 'Omdat jy die man wat Ek tot vernietiging bedoel het, uit jou hand laat gaan het, sal jou lewe in die plek van sy lewe wees en jou mense in die plek van sy mense.'"
- 43 Die koning van Yisra'el het na sy huis toe gegaan, stuurs en vererg en by Shomron gekom.
- 21** 1 Dit het ná hierdie dinge gebeur dat Navot, 'n Yizre'eliet, in Yizre'el 'n wingerd gehad het, wat langs die paleis van Ag'av, koning van Shomron, was.
- 2 Ag'av het met Navot gepraat en gesê: "Gee vir my jou wingerd sodat ek dit as 'n groentetuin kan hê, want dit is naby, langs my huis en ek sal vir jou 'n beter wingerd gee in sy plek; as jy wil, sal ek vir jou die prys daarvan in geld gee."
- 3 Navot het egter vir Ag'av gesê: "יהוה verbied dat ek die erfenis van my vaders vir u sou gee!"
- 4 Ag'av het stuurs en vererg in sy huis gekom oor die woord wat Navot, die Yizre'eliet, met hom gepraat het, want hy het gesê: "Ek sal nie vir u die erfenis van my vaders gee nie." Hy het op sy bed gaan lê, sy gesig weggedraai en geen kos geëet nie.
- 5 Izevel, sy vrou, het egter by hom gekom en vir hom gesê: "Waarom is jou gees so stuurs dat jy geen kos eet nie?"
- 6 Hy antwoord haar: "Omdat ek met Navot, die Yizre'eliet, gepraat en vir hom gesê het: 'Gee vir my jou wingerd vir geld, of anders, as jy wil, sal ek vir jou 'n wingerd in die plek daarvan gee,' maar hy het gesê: 'Ek sal nie my wingerd vir u gee nie.'"
- 7 Izevel, sy vrou, sê vir hom: "Heers jy nie nou oor Yisra'el nie? Staen op, eet brood en laat jou hart vrolik wees; ek sal vir jou die wingerd van Navot, die Yizre'eliet, gee."
- 8 Sy het briewe in die naam van Ag'av geskryf en hulle met sy seël verseël en die briewe aan die oudstes en die edeles, wat by Navot in sy stad gebly het, gestuur.
- 9 Sy het in die briewe geskryf en gesê: "Roep 'n vasdag uit en sit Navot aan die hoof van die mense
- 10 en sit twee manne, deugniete, voor hom en laat hulle teen hom getuig en sê: 'Jy het God en die koning gevloek!' Vat hom dan uit en stenig hom tot die dood."
- 11 Die manne van sy stad, die oudstes en die edeles wat in sy stad gebly het, maak toe soos Izevel hulle laat weet het, net soos dit geskryf was in die briewe wat sy vir hulle gestuur het.
- 12 Hulle het 'n vasdag uitgeroep en Navot aan die hoof van die mense laat sit.

- 13 Toe kom die twee deugniete in en gaan sit teenoor hom en die deugniete het teen hom, teen Navot, voor die mense getuig en gesê: “Navot het God en die koning gevloek.” Toe lei hulle hom buitekant die stad en stenig hom, tot die dood, met klippe.
- 14 Toe stuur hulle woord na Izevel en sê: “Navot is gestenig en is dood.”
- 15 Toe Izevel hoor dat Navot gestenig en dood is, sê Izevel vir Ag'av: “Staan op, neem die wingerd van Navot, die Yizre'eliet, in besit wat hy geweier het om vir jou te gee vir geld, want Navot leef nie, maar is dood.”
- 16 Toe Ag'av hoor dat Navot dood is, het Ag'av opgestaan om af te gaan na die wingerd van Navot, die Yizre'eliet, om dit in besit te neem.
- 17 Toe het die woord van יהוה tot Eliyahu, die Tishbiet, gekom en gesê:
- 18 “Staan op, gaan af om Ag'av, koning van Yisra'el, te ontmoet wat in Shomron is; let op, hy is in die wingerd van Navot, waarheen hy afgestaan het om dit in besit te neem.
- 19 Jy moet met hom praat en sê: ‘So sê יהוה: Het jy moord gepleeg en ook in besit geneem?’ Jy moet met hom praat en sê: ‘So sê יהוה: Op die plek waar die honde die bloed van Navot gelek het, sal die honde ook jou eie bloed oplek.’”
- 20 Ag'av sê vir Eliyahu: “Het jy my gekry, my vyand?” Hy antwoord: “Ek het u gekry omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van יהוה!”
- 21 Let op, Ek gaan boosheid oor jou bring en jou heeltemal wegvee en Ek sal van Ag'av afsny al wat manlik is in Yisra'el, slaaf of vryman
- 22 en Ek sal jou huis maak soos die huis van Yarov'am, die seun van N'vat en soos die huis van Ba'sha, die seun van Agiyah; as gevolg van die uittarting waarmee jy My uitgetart het tot woede en Yisra'el laat sondig het.”
- 23 Van Izevel het יהוה ook gepraat en gesê: “Die honde sal Izevel eet in die distrik van Yizre'el.”
- 24 Die een wat aan Ag'av behoort, wat in die stad sterf, hom sal die honde eet en wie in die veld sterf, sal die voëls van die hemel eet.
- 25 Daar was sekerlik nie een soos Ag'av wat homself verkoop het om boos te doen in die oë van יהוה nie omdat sy vrou Izevel hom aangehits het.
- 26 Hy het baie afskuwelik opgetree deur afgode te volg, volgens alles wat die Emoriete gedoen het, wat יהוה voor die kinders van Yisra'el uitgegooi het.”
- 27 Toe Ag'av hierdie woorde hoor, het dit gebeur dat hy sy klere skeur, 'n roukleed aantrek en vas en hy het in die roukleed gelê en neerslagtig rondgegaan.
- 28 Toe kom die woord van יהוה tot Eliyahu, die Tishbiet en sê:
- 29 “Het jy gesien hoe Ag'av homself voor My verneder het? Omdat hy homself voor My verneder het, sal Ek die boosheid nie in sy dae bring nie; Ek sal die boosheid oor sy huis bring in sy seun se dae.”
- 22** 1 Drie jaar het verbygegaan sonder oorlog tussen Aram en Yisra'el.
- 2 In die derde jaar het Y'hoshafat, die koning van Y'hudah, afgekom na die koning van Yisra'el.

- 3 Die koning van Yisra'el vra vir sy diensknegte: "Weet julle dat Ramot-Gil'ad aan ons behoort en dat ons steeds niks doen om dit uit die hand van die koning van Aram te vat nie?"
- 4 Hy sê vir Y'hoshafat: "Sal u saam met my gaan om te veg by Ramot-Gil'ad?" Y'hoshafat antwoord die koning van Yisra'el: "Ek is soos u is, my volk soos u volk, my perde soos u perde."
- 5 Y'hoshafat sê verder ook vir die koning van Yisra'el: "Vra asseblief eers vir die woord van יהוה."
- 6 Toe maak die koning van Yisra'el die profete bymekaar, omtrent vier honderd man en sê vir hulle: "Sal ek teen Ramot-Gil'ad gaan om te veg of nie?" Hulle antwoord: "Gaan op, want יהוה sal dit in die hand van die koning gee."
- 7 Y'hoshafat sê egter: "Is daar nie nog 'n profeet van יהוה sodat ons deur hom kan vra nie?"
- 8 Die koning van Yisra'el antwoord Y'hoshafat: "Daar is nog een man deur wie ons by יהוה kan vra, maar ék haat hom omdat hy nie goed oor my profeteer nie, maar boosheid; Mikhay'hu, die seun van Yimlah." Y'hoshafat sê egter: "Laat die koning nie so praat nie!"
- 9 Toe roep die koning van Yisra'el 'n amptenaar en sê: "Bring gou vir Mikhay'hu, die seun van Yimlah."
- 10 Die koning van Yisra'el en Y'hoshafat, koning van Y'udah, het by die dorsvloer by die ingang van die poort van Shomron, elkeen op sy troon gesit, aangetrek in hulle koninklike klere en al die profete het voor hulle profeteer.
- 11 Toe het Tzidkiyah, die seun van 'n Kena'anitiese vrou, vir homself ysterhorings gemaak en gesê: "So sê יהוה: 'Hiermee sal u die Arameërs deurboor totdat hulle verteer is.'"
- 12 Al die profete het so geprofeteer en gesê: "Gaan op na Ramot-Gil'ad en wees voorspoedig, want יהוה sal dit in die hand van die koning gee."
- 13 Toe praat die boodskapper wat gegaan het om Mikhay'hu te roep en sê vir hom: "Let nou op, die woorde van die profete is eenvormig gunstig vir die koning. Laat u woorde asseblief wees soos die woorde van een van hulle en praat gunstig."
- 14 Mikhay'hu sê egter: "So waar as יהוה leef, wat יהוה vir my sê, dit sal ek sê!"
- 15 Toe hy by die koning kom, sê die koning vir hom: "Mikhay'hu, sal ons na Ramot-Gil'ad gaan om te veg, of sal ons dit laat staan?" Hy antwoord hom: "Gaan op en wees suksesvol en יהוה sal dit in die hand van die koning gee."
- 16 Toe sê die koning vir hom: "Hoeveel maal moet ek jou laat sweer dat jy niks anders as die waarheid in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה tot my moet praat nie?"
- 17 Toe sê hy: "Ek het die hele Yisra'el verstrooid gesien op die berge soos skape wat geen herder het nie en יהוה het gesê: 'Hulle het geen meester nie; laat elkeen van hulle teruggaan na sy huis in vrede.'"
- 18 Toe sê die koning van Yisra'el vir Y'hoshafat: "Het ek u nie gesê dat hy nie goed aangaande my sal profeteer nie, maar boosheid?"

- 19 Mikhay'hu sê: "Daarom, hoor die woord van יהוה. Ek het יהוה sien sit op Sy troon en al die hemelse leërske wat by Hom staan, aan Sy regter- en aan Sy linkerkant.
- 20 יהוה het gesê: 'Wie sal Ag'av verlei om op te gaan en te val by Ramot-Gil'ad?' Een het so gesê en die ander weer anders.
- 21 Toe kom 'n gees vorentoe en staan voor יהוה en sê: 'Ek sal hom verlei.'
- 22 יהוה vra vir hom: 'Hoe?' Hy sê: 'Ek sal uitgaan en 'n misleidende gees wees in die mond van al sy profete.' Toe sê Hy: 'Jy moet hom verlei en ook oorwin; gaan en doen so;'
- 23 daarom, let op, יהוה het 'n misleidende gees in die mond van al hierdie profete van u gegee en יהוה het tragedie oor u verklaar."
- 24 Toe kom Tzidkiyah, die seun van 'n Kena'anitiese vrou, nader en slaan vir Mikhay'hu op die wang en sê: "Hoe het die Gees van יהוה van my af weggegaan om met jou te praat?"
- 25 Mikhay'hu antwoord: "Let op, jy sal dit sien op daardie dag dat jy 'n binnekamer ingaan om jouself weg te steek."
- 26 Toe sê die koning van Yisra'el: "Vat vir Mikhay'hu terug na Amon, die goewerneur van die stad en Yo'ash, die seun van die koning
- 27 en sê: 'So sê die koning: "Sit hierdie man in die gevangenis en voer hom met brood en water van verdrukking (spaarsamig) totdat ek veilig terugkom.'"
- 28 Mikhay'hu sê: "As u wel veilig terugkom, dan het יהוה nie deur my gepraat nie. Luister, al julle mense!"
- 29 Die koning van Yisra'el en Y'hoshafat, koning van Y'hudah, het opgegaan teen Ramot-Gil'ad.
- 30 Die koning van Yisra'el het vir Y'hoshafat gesê: "Ek sal my vermom en in die geveg ingaan, maar trek ú klere aan." So het die koning van Yisra'el homself vermom en in die geveg ingegaan.
- 31 Die koning van Aram het die twee en dertig bevelvoerders oor sy strydwaens bevel gegee en gesê: "Moenie met klein of groot veg nie, maar net met die koning van Yisra'el alleen."
- 32 Toe die bevelvoerder van die strydwaens Y'hoshafat sien, het hulle gesê: "Dit is sekerlik die koning van Yisra'el" en hulle het gedraai om teen hom te veg en Y'hoshafat het uitgeroep.
- 33 Toe die bevelvoerder van die strydwaens sien dat dit nie die koning van Yisra'el was nie, het hulle teruggedraai agter hom weg.
- 34 'n Sekere man het sy boog blindelings gespan en die koning van Yisra'el getref tussen 'n las van die wapenrusting. Hy sê vir die drywer van sy strydwa: "Draai om en vat my uit die geveg uit, want ek is ernstig gewond."
- 35 Die geveg het dié dag gewoed en die koning is staande gehou in sy strydwa voor die Arameërs en het teen sonsondergang gesterf en die bloed van die wond het onder in die wa ingeloop.
- 36 Naby sonsondergang gaan 'n uitroep deur die leer wat sê: "Elke man na sy stad en elke man na sy land!"

- 37 Die koning is dood en is na Shomron gebring en hulle het die koning in Shomron begrawe.
- 38 Hulle het die strydwa by die poel van Shomron gewas (die hoere het hulleself daar gewas) en die honde het sy bloed opgelek, volgens die woord van יהוה wat Hy gepraat het.
- 39 Die res van die dae van Ag'av, alles wat hy gedoen het, die ivoorhuis en al die stede wat hy gebou het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 40 Ag'av is neergelê by sy vaders en Agazyah sy seun het in sy plek koning geword.
- 41 Y'hoshafat, die seun van Asa, het koning geword oor Y'udah in die vierde jaar van Ag'av, koning van Yisra'el.
- 42 Y'hoshafat was vyf en dertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vyf en twintig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was 'Azuvah, die dogter van Shilgi.
- 43 Hy het in al die paaie van sy vader Asa geloop deur te doen wat reg was in die oë van יהוה en het nie daarvan af weggedraai nie. Nogtans het hy nie die hoë plekke verwyder nie; die mense het steeds op die hoë plekke geoffer en wierook gebrand.
- 44 Y'hoshafat het vrede gemaak met die koning van Yisra'el.
- 45 Die res van Y'hoshafat se dae, sy mag wat hy gewys het en hoe hy oorlog gemaak het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'udah' nie? ^{2 Kon 1:17; 2 Kon 3; 2 Kro 17-21:1}
- 46 Hy het ook die manlike prostitute, wat nog uit die dae van sy vader, Asa, oor was, uit die land uitgegooi.
- 47 Daar was geen koning in Edom nie; 'n waarnemer was koning.
- 48 Y'hoshafat het skepe van Tarshish gebou om na Ofir te gaan vir goud, maar hulle het nie gegaan nie, want die skepe het gebreek in 'Etzyon-Gever'. ^{2 Kro 20:35-37}
- 49 Toe sê Agazyah, die seun van Ag'av, vir Y'hoshafat: "Laat my diensknegte saam met u diensknegte op die skepe gaan," maar Y'hoshafat wou nie inwillig nie.
- 50 Y'hoshafat is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van sy vader Dawid en sy seun Y'horam het koning geword in sy plek.
- 51 Agazyah, die seun van Ag'av, het koning geword oor Yisra'el in Shomron in die sewentiende jaar van Y'hoshafat, koning van Y'udah en hy het twee jaar oor Yisra'el regeer.
- 52 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en het geloop in die pad van sy vader, in die pad van sy moeder en in die pad van Yarov'am, die seun van N'vat, wat Yisra'el laat sondig het.
- 53 Hy het Ba'al gedien en voor hom neergebuig en aanbid en יהוה, die God van Yisra'el, tot woede getart, net soos alles wat sy vader gedoen het.

Die elfde boek van die Verbond (Tanakh)

Die sesde boek van die Profete

Die sesde boek van die Vroeëre Profete

M'lakhim Beit (2 Konings)

מלכים - M'lakhim - Konings

M'lakhim Alef en Beit was oorspronklik een boek.

Die boek van 'Die Annale van die Konings' is bes moontlik
saamgestel vanuit die geskrifte van baie skrywers.

- 1 1 Mo'av het teen Yisra'el rebelleer na die dood van Ag'av.
- 2 Agazyah het deur die traliewerk in sy bo-kamer, in Shomron, geval en siek geword.
Hy het boodskappers gestuur en vir hulle gesê: "Gaan doen navraag by Ba'al-Z'vuv, die god van 'Ekron, of ek van hierdie siekte gesond sal word."
- 3 Die boodskapper van יהוה het egter vir Eliyahu, die Tishbiet, gesê: "Staan op, gaan op om die boodskappers van die koning van Shomron te ontmoet en sê vir hulle: "Is dit omdat daar geen God in Yisra'el is nie dat julle gaan om navraag te doen by Ba'al-Z'vuv, die god van 'Ekron?"
- 4 יהוה sê daarom so: 'Jy sal nie afkom van die bed waarop jy geklim het nie, maar jy sal sekerlik sterf.'" Toe gaan Eliyahu weg.
- 5 Toe die boodskappers na hom toe terugkeer, sê hy vir hulle: "Waarom kom julle terug?"
- 6 Hulle antwoord hom: "'n Man het gekom om ons te ontmoet en vir ons gesê: 'Gaan terug na die koning wat julle gestuur het en sê vir hom: So sê יהוה: "Is dit omdat daar geen God in Yisra'el is nie dat jy stuur om navraag te doen by Ba'al-Z'vuv, die god van 'Ekron? Jy sal daarom nie van die bed waarop jy geklim het, afkom nie, maar jy sal sekerlik sterf.'"
- 7 Hy sê vir hulle: "Watter tipe man was hy wat opgekom het, julle tegemoet en hierdie woorde met julle gepraat het?"
- 8 Hulle antwoord hom: "'n Harige man met 'n leer gordel om sy heupe gebind." Hy sê: "Dit is Eliyahu, die Tishbiet!"
- 9 Toe stuur hy 'n bevelvoerder oor vyftig, met sy vyftig, na hom toe. Hy het opgegaan na hom toe en let op, hy het op die top van die heuwel gesit. Hy sê vir hom: "Man van God, die koning sê: 'Kom af!'"
- 10 Eliyahu antwoord die bevelvoerder oor vyftig: "As ek 'n man van God is, laat daar vuur van die hemel af afkom en jou en jou vyftig verteer!" Toe kom daar vuur van die hemel af en verteer hom en sy vyftig.
- 11 Hy het weer 'n ander bevelvoerder oor vyftig, met sy vyftig, na hom toe gestuur en hy sê vir hom: "Man van God, so sê die koning: 'Kom gou af!'"
- 12 Eliyahu het hulle geantwoord: "As ek 'n man van God is, laat daar vuur van die hemel af afkom en jou en jou vyftig verteer!" Toe het die vuur van God uit die hemel afgekom en hom met sy vyftig verteer.
- 13 Hy het weer 'n bevelvoerder oor 'n derde vyftig, met sy vyftig, na hom gestuur. Toe die derde owerste oor vyftig opgegaan het, kom hy en buig op sy knieë voor Eliyahu en smee hom en sê vir hom: "Man van God, laat my lewe en die lewe van hierdie vyftig diensknegte van u asseblief kosbaar wees in u oë!"
- 14 Let op, vuur het van die hemel af afgekom en die eerste twee bevelvoerders oor vyftig, met hulle vyftig, verteer, maar laat my lewe nou kosbaar wees in u oë!"
- 15 Die boodskapper van יהוה sê vir Eliyahu: "Gaan saam met hom af, moenie bang wees vir hom nie." Hy het daarom opgestaan en saam met hom afgegaan na die koning toe.

- 16 Toe het hy vir hom gesê: “So sê יהוה: ‘Omdat jy boodskappers gestuur het om navraag te doen by Ba'al-Z'vuv, die god van 'Ekron; (is dit omdat daar geen God in Yisra'el is om navraag te doen na Sy woord nie?) daarom sal jy nie afkom van die bed waarop jy geklim het nie, maar jy sal sekerlik sterf.’”
- 17 Agazyah het gesterf volgens die woord van יהוה, dit wat Eliyahu gesê het en omdat hy geen seun gehad het nie, het Y'horam in sy plek koning geword in die tweede jaar van Y'horam, die seun van Y'hoshafat, koning van Y'hudah.
- 18 Die res van die dade van Agazyah, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in ‘Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el’ nie?
- 2** 1 Dit het gebeur toe יהוה op die punt was om Eliyahu in 'n warrelwind na die hemel op te vat dat Eliyahu saam met Elisha vanaf Gilgal gegaan het.
- 2 Eliyahu het vir Elisha gesê: “Bly asseblief hier, want יהוה het my sover as Beit-El gestuur.” Elisha het egter gesê: “So waar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!” Hulle het afgegaan na Beit-El.
- 3 Toe kom die profete-seuns wat in Beit-El was na Elisha toe uit en vra vir hom: “Weet u dat יהוה vandag u meester, wat oor u is, sal wegvat?” Hy antwoord: “Ja, ek weet; bly stil.”
- 4 Eliyahu sê vir hom: “Elisha, bly asseblief hier, want יהוה het my na Yerigo gestuur.” Hy het egter gesê: “Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!” Hulle het in Yerigo aangekom.
- 5 Die profete-seuns wat in Yerigo was, het na Elisha toe gekom en vir hom gevra: “Weet u dat יהוה vandag u meester, wat oor u is, sal wegvat?” Hy antwoord: “Ja ek weet; bly stil.”
- 6 Toe sê Eliyahu vir hom: “Bly asseblief hier, want יהוה het my na die Yarden toe gestuur.” Hy sê: “Sowaar as יהוה leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!” Die twee van hulle het voortgegaan.
- 7 Vyftig man van die profete-seuns het gegaan en op 'n afstand oorkant hulle gaan staan terwyl hulle twee by die Yarden staan.
- 8 Eliyahu vat sy mantel en vou dit bymekaar en slaan op die water en dit is na weerskante verdeel sodat hulle twee op droë grond oorgegaan het.
- 9 Nadat hulle oorgegaan het, sê Eliyahu vir Elisha: “Vra wat ek vir jou moet doen voordat ek van jou af weggevat word.” Elisha antwoord: “Laat asseblief 'n dubbele deel van u gees op my wees.”
- 10 Hy het gesê: “Jy het 'n harde ding gevra. Nogtans, as jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, sal dit so vir jou wees, maar indien nie, dan sal dit nie wees nie.”
- 11 Terwyl hulle loop en praat, let op: 'n strydwa van vuur, met perde van vuur, wat skeiding tussen hulle twee maak en Eliyahu het in 'n warrelwind na die hemel opgegaan.
- 12 Elisha het dit gesien en uitgeroep: “My vader, my vader, die strydwa van Yisra'el en sy ruiters!” Hy het Eliyahu nie meer gesien nie. Toe het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur.

- 13 Hy het ook die mantel van Eliyahu, wat van hom afgeval het, opgetel en teruggegaan en op die wal van die Yarden gestaan.
- 14 Hy het die mantel van Eliyahu gevat wat van hom afgeval het en die water geslaan en gesê: “Waar is יהוה, die God van Eliyahu?” Ook toe hy die water geslaan het, is dit na weerskante verdeel en Elisha het oorgegaan.
- 15 Toe die profete-seuns wat by Yerigo, oorkant hom was, hom sien, het hulle gesê: “Die gees van Eliyahu rus op Elisha!” Hulle het gekom om hom te ontmoet en voor hom na die grond toe gebuig.
- 16 Hulle het vir hom gesê: “Let op, daar is by u diensknegte vyftig sterk manne; laat hulle asseblief u meester gaan soek; miskien het die Gees van יהוה hom opgevat en hom op een of ander berg of in ’n sekere vallei gesit.” Hy het gesê: “Julle sal nie stuur nie!”
- 17 Toe hulle egter aanhou tot hy verleë was, sê hy: “Stuur.” Hulle het daarom vyftig man gestuur en hulle het drie dae lank gesoek, maar hom nie gekry nie.
- 18 Hulle het na hom toe teruggekom terwyl hy nog in Yerigo bly en hy vra vir hulle: “Het ek nie vir julle gesê nie: ‘Moenie gaan nie?’”
- 19 Toe het die manne van die stad vir Elisha gesê: “Let op, die ligging van die stad is gunstig, soos my meester sien, maar die water is sleg en die grond onvrugbaar.”
- 20 Hy het gesê: “Bring vir my ’n nuwe houer en gooi sout daarin.” Hulle het dit na hom toe gebring.
- 21 Hy gaan uit na die fontein van die water, gooi sout daarin en sê: “So sê יהוה: “Ek het dié water gereinig; daar sal nie langer dood of onvrugbaarheid van kom nie.”
- 22 Die water is gereinig tot vandag toe volgens die woord van Elisha wat hy gepraat het.
- 23 Toe het hy daarvandaan opgegaan na Beit-El en terwyl hy met die pad opgaan, kom daar jong seuns uit die stad uit en spot hom en sê: “Gaan op, jou kaalkop! Gaan op, jou kaalkop!”
- 24 Toe hy agter hom kyk en hulle sien, vervloek hy hulle in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה. Toe kom twee wyfie bere uit die woud uit en verskeur twee en veertig van die seuns.
- 25 Hy het daarvandaan na die berg Karmel gegaan en van daar af na Shomron teruggegaan.
- 3** 1 Y’horam, die seun van Ag’av, het koning geword oor Yisra’el in Shomron in die agttiende jaar van Y’hoshafat, koning van Y’hudah en hy het twaalf jaar regeer.
- 2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, alhoewel nie soos sy vader en sy moeder nie, want hy het die pilaar van Ba’al verwyder wat sy vader gemaak het. ^{Deut 16:22}
- 3 Nogtans het hy vasgehou aan die sondes van Yarov’am, die seun van N’vat, waarmee hy Yisra’el laat sondig het; hy het nie van hulle afgewyk nie.
- 4 Mesha, die koning van Mo’av, was ’n skaapboer en het aan die koning van Yisra’el ’n honderd duisend lammers en ’n honderd duisend ramme se wol betaal.
- 5 Toe Ag’av gesterf het, het die koning van Mo’av egter teen die koning van Yisra’el rebelleer.

- 6 Koning Y'horam het in daardie tyd uit Shomron uitgegaan en die hele Yisra'el opgeroep.
- 7 Toe het hy woord gestuur na Y'hoshafat, koning van Y'hudah, en gesê: "Die koning van Mo'av het teen my gerebelleer. Sal u saam met my teen Mo'av gaan veg?" Hy antwoord: "Ek sal opgaan; ek is soos u is, my volk soos u volk, my perde soos u perde."
- 8 Hy vra: "Met watter pad sal ons opgaan?" Hy antwoord: "Die pad van die wildernis van Edom."
- 9 So het die koning van Yisra'el saam met die koning van Y'hudah en die koning van Edom gegaan en hulle het 'n roete van sewe dae gereis en daar was geen water vir die leër of vir die beeste wat hulle gevolg het nie.
- 10 Toe sê die koning van Yisra'el: "Helaas, יהוה het hierdie drie konings geroep om hulle in die hand van Mo'av te gee!"
- 11 Y'hoshafat vra egter: "Is hier nie 'n profeet van יהוה dat ons deur hom by יהוה navraag kan doen nie?" Een van die koning van Yisra'el se diensknegte antwoord en sê: "Elisha, die seun van Shafat, wat water op die hande van Eliyahu gegooi het, (hom gedien het) is hier."
- 12 Y'hoshafat sê: "Die woord van יהוה is by hom." So het die koning van Yisra'el, Y'hoshafat en die koning van Edom na hom toe afgegaan.
- 13 Elisha het vir die koning van Yisra'el gesê: "Wat het ek met u te doen? Gaan na die profete van u vader en die profete van u moeder!" Die koning van Yisra'el antwoord hom: "Nee, want יהוה het hierdie drie konings geroep om hulle in die hand van Mo'av te gee."
- 14 Elisha sê: "So waar as יהוה-Tzva'ot leef voor wie se Teenwoordigheid ek staan, as dit nie was dat ek die teenwoordigheid van Y'hoshafat, die koning van Y'hudah, geag het nie, sou ek nie na u gekyk of u raakgesien het nie,
- 15 maar bring nou vir my 'n musikant." Dit het gebeur toe die musikant speel dat die hand van יהוה op hom gekom het.
- 16 Hy het gesê: "So sê יהוה: 'Maak hierdie vallei vol slote,'
- 17 want so sê יהוה: 'Julle sal geen wind of reën sien nie; tog sal hierdie vallei gevul word met water sodat julle sal drink, beide julle, julle beeste en julle ander diere.
- 18 Hierdie is maar 'n geringe ding in die oë van יהוה'; Hy sal ook die Mo'aviëte in julle hand gee.
- 19 Dan moet julle elke versterkte stad en elke uitgesoekte stad slaan en elke goeie boom afkap, al die waterfonteine toestop en elke goeie stuk grond met klippe bederf."
- 20 Dit het die volgende oggend omtrent die tyd dat hulle die offer bring, gebeur dat, let op, water van die kant van Edom af kom en die land is gevul met water.
- 21 Al die Mo'aviëte het gehoor dat die konings opgekom het om teen hulle te veg en almal wat in staat was om die wapenrusting aan te trek en ouer, is opgeroep en hulle het op die grens gestaan.
- 22 Hulle het vroeg die oggend opgestaan en die son het op die water geskyn en die Mo'aviëte het die water oorkant hulle so rooi soos bloed gesien.

- 23 Toe sê hulle: “Dit is bloed; die konings het sekerlik teen mekaar baklei en die een het die ander neergeslaan. Nou, daarom, Mo'av na die buit!”
- 24 Toe hulle egter by die kamp van Yisra'el kom, het die Yisra'eliete opgestaan en die Mo'aviete verslaan sodat hulle voor hul gevlug het en hulle het vorentoe gegaan, in die land in en die Mo'aviete neergeslaan.
- 25 So het hulle die stede vernietig en elkeen het op elke goeie stuk grond 'n klip gegooi en dit vol gemaak. So het hulle elke waterfontein toegestop en elke goeie boom afgekap totdat hulle in Kir-Hareset die mure gelos het; die slingervelgooiers het dit egter omsingel en dit vernietig.
- 26 Toe die koning van Mo'av sien dat die geveg vir hom te swaar is, het hy sewe honderd man wat die swaard uittrek, saam met hom gevat om na die koning van Edom deur te breek, maar hulle kon nie.
- 27 Toe vat hy sy eersgebore seun, wat in sy plek moes heers en offer hom as brandoffer op die muur. Daar het 'n groot toorn teen Yisra'el gekom en hulle het van hom af weggetrek en na hulle land teruggekeer.
- 4 1 'n Sekere vrou vanuit die vroue van die profete-seuns het na Elisha uitgeroep: “U dienskneg, my man, is dood en u weet dat u dienskneg, **יהוה** respektvol gevrees het en die skuldeiser het gekom om my twee seuns te vat om sy slawe te wees.”
- 2 Elisha het vir haar gesê: “Wat kan ek vir jou doen? Vertel my, wat het jy in die huis?” Sy antwoord: “U dienaress het niks in die huis nie, behalwe 'n fles met olie.”
- 3 Toe sê hy: “Gaan, leen vir jou baie leë houers van al jou bure; moenie min kry nie.
- 4 Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, gooi dit in al daardie houers en sit dit wat vol is eenkant.
- 5 Sy het van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; hulle het die houers vir haar gebring en sy het gegooi.
- 6 Toe die houers vol was, sê sy vir haar seun: “Bring vir my nog 'n houer.” Hy antwoord haar: “Daar is nie meer een houer nie.” Die olie het opgehou.
- 7 Toe kom sy en vertel die man van God en hy sê: “Gaan, verkoop die olie en betaal jou skuld; jy en jou seuns kan van die res leef.”
- 8 Daar het 'n dag gekom wat Elisha oorgegaan het na Shunem, waar daar 'n prominente vrou was en sy het hom oortuig om 'n maaltyd te eet. So was dit, so dikwels as wat hy verbygaan, het hy daar ingedraai om 'n maaltyd te eet.
- 9 Sy het vir haar man gesê: “Let nou op, ek sien dat hierdie 'n afgesonderde man van God is wat voortdurend by ons verbygaan.
- 10 Laat ons asseblief 'n klein gemuurde bo-kamer maak en laat ons daar vir hom 'n bed, 'n tafel, 'n stoel en 'n lampstaander neersit; dit sal wees wanneer hy na ons toe kom hy daar kan bly.”
- 11 Eendag het hy daar gekom, in die bo-kamer gegaan en gerus.
- 12 Toe het hy vir Geigazi, sy dienskneg, gesê: “Roep hierdie Shunamitiese vrou.” Toe hy haar geroep het, het sy voor hom gestaan.

- 13 Hy het vir hom gesê: "Vra haar nou: 'Let op, jy was vol sorg teenoor ons met al hierdie omgee; wat kan ek vir jou doen? Moet daar vir jou 'n goeie woord gedoen word by die koning of by die bevelvoerder van die leër?' Sy antwoord: "Ek leef onder my eie mense."
- 14 Hy sê: "Wat kan dan vir haar gedoen word?" Geigazi antwoord: "Dit is waar, sy het geen seun nie en haar man is oud."
- 15 Hy het gesê: "Roep haar." Toe hy haar geroep het, het sy in die deur gestaan.
- 16 Toe sê hy: "Tydens hierdie seisoen volgende jaar sal jy 'n seun vashou." Sy sê: "Nee, my meester, o, man van God, moenie vir u dienaars lieg nie!"
- 17 Die vrou het swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun in daardie seisoen die volgende jaar, soos Elisha vir haar gesê het.
- 18 Toe die seun opgegroeï het, het die dag gekom dat hy uitgegaan het na sy vader, na die maaïers.
- 19 Hy het vir sy vader gesê: "My kop, my kop!" Dié sê toe vir sy dienskneg: "Dra hom na sy moeder toe."
- 20 Toe hy hom gevat en na sy moeder gebring het, het hy op haar skoot gesit tot die middag toe en gesterf.
- 21 Sy het opgegaan en hom op die bed van die man van God neergelê en agter hom toegesluit en uitgegaan.
- 22 Toe roep sy haar man en sê: "Stuur asseblief vir my een van die diensknegte en een van die donkies sodat ek gou na die man van God kan gaan en terugkom."
- 23 Hy sê: "Waarom sal jy vandag na hom toe gaan? Dit is nie nuwemaan of Shabbat nie." Sy antwoord: "Shalom (Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid)!"
- 24 Toe saal sy die donkie op en sê vir haar dienskneg: "Jaag aan en gaan vooruit; moenie die pas verslap, behalwe as ek jou sê nie."
- 25 Sy het gegaan en by die man van God by die berg Karmel gekom. Toe die man van God haar op 'n afstand sien, sê hy vir sy dienskneg Geigazi: "Let op, daar is dié Shunamiet!"
- 26 Hardloop nou om haar te ontmoet en sê vir haar: "Gaan dit goed met u? Gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met die seun?" Sy antwoord: "Dit is goed."
- 27 Toe sy by die man van God by die berg kom, het sy sy voete vasgegryp en Geigazi het nadergekom om haar weg te stoot, maar die man van God sê: "Laat haar staan, want haar lewe is verbitterd in haar en הָרָחֵם het dit vir my verberg en my nie vertel nie."
- 28 Toe het sy gesê: "Het ek van my meester 'n seun gevra? Het ek nie gesê: 'Moet my nie mislei nie?'"
- 29 Toe sê hy vir Geigazi: "Gord vas jou heupe en vat my staf in jou hand en gaan heen; as jy iemand teëkom, moet hom nie groet nie en as iemand jou groet, antwoord hom nie en lê my staf op die gesig van die seun."
- 30 Die moeder van die seun het gesê: "Sowaar as הָרָחֵם leef en uself leef, ek sal u nie verlaat nie!" Hy het opgestaan en haar gevolg.
- 31 Geigazi het voor hulle uit gegaan en die staf op die gesig van die seun gelê, maar daar was geen klank of reaksie nie. Hy het teruggekom na hom toe en vir hom gesê: "Die jongman het nie wakker geword nie."

- 32 Toe Elisha in die huis inkom, let op, was die jongman dood en het op sy bed gelê!
- 33 Hy het ingegaan en die deur agter hulle twee toegesluit en tot יהוה gebid.
- 34 Hy het opgestaan en op die seun gaan lê en sy mond op sy mond gesit, sy oë op sy oë en sy hande op sy hande en homself op hom uitgestrek en die vlees van die seun het warm geword.
- 35 Toe het hy teruggekom en in die huis een keer heen en weer geloop en weer opgegaan en homself op hom uitgestrek en die jongman het sewe maal genies en sy oë oopgemaak.
- 36 Toe roep hy Geigazi en sê: “Roep hierdie Shunamiet.” Hy het haar geroep en toe sy by hom gekom het, sê hy: “Tel jou seun op.”
- 37 Toe het sy ingekom en voor sy voete geval en na die grond toe neergebuig en sy het haar seun opgetel en uitgegaan.
- 38 Toe Elisha teruggegaan het na Gilgal, was daar hongersnood in die land. Terwyl die profete-seuns voor hom sit, sê hy vir sy dienskneg: “Sit die groot pot op en maak 'n bredie vir die profete-seuns.”
- 39 Toe gaan een uit in die veld om kruie te versamel en hy het wilde ranke gekry en sy kleed vol wilde pampoene gepluk en gekom en dit in die pot bredie ingesny, want hulle het dit nie geken nie.
- 40 Hulle het vir die manne opgeskep om te eet en net toe hulle van die bredie eet, skreeu hulle en roep: “Man van God, daar is dood in die pot!” Hulle kon dit nie eet nie.
- 41 Hy sê egter: “Bring meel.” Hy gooi dit in die pot en sê: “Skep uit vir die mense sodat hulle kan eet.” Toe was daar niks verkeerd in die pot nie.
- 42 'n Man het van Ba'al-Shalishah af gekom en vir die man van God brood van die eersteling vrugte gebring; twintig garsbrode en vars graan in sy sak. Hy het gesê: “Gee vir die mense sodat hulle kan eet.”
- 43 Sy dienskneg antwoord: “Wat? Sal ek dit aan 'n honderd man voorsit?” Hy sê egter: “Gee vir die mense sodat hulle kan eet, want so sê יהוה: ‘Hulle sal eet en oorhou.’”
- 44 Hy sit dit voor hulle neer en hulle het geëet en oorgehou volgens die woord van יהוה. Mat 14:14-21; 15:32-39; Mar 8:1-8

- 5 1 Na'aman, die bevelvoerder van die leër van die koning van Edom, was 'n groot man voor sy meester en hoogs gerespekteerd, want deur hom het יהוה aan die Edomeërs oorwinning gegee. Die man was ook 'n dapper soldaat, maar melaats.
- 2 Die Edomeërs het in bendes uitgegaan en 'n jong meisie uit die land van Yisra'el gevange weggevoer; sy het Na'aman se vrou bedien.
- 3 Sy het vir haar meesteres gesê: “Ek wens my meester was by die profeet wat in Shomron is, dan sou hy hom van sy melaatsheid genees.
- 4 Na'aman het ingegaan en vir sy meester vertel en gesê: “So en so het die meisie gesê wat uit die land van Yisra'el is.
- 5 Toe sê die koning van Edom: “Gaan nou en ek sal 'n brief aan die koning van Yisra'el stuur.” Hy het gegaan en tien talente silwer, ses duisend sikkels goud en tien stelle klere saam met hom gevat.

- 6 Hy het die brief vir die koning van Yisra'el gebring wat sê: "Nou, wanneer hierdie brief by u kom, let op, ek het vir Na'aman, my dienskneg, na u toe gestuur sodat u hom kan genees van sy melaatsheid."
- 7 Toe die koning van Yisra'el die brief gelees het, seur hy sy klere en sê: "Is ek God, om dood en lewend te maak dat hierdie man na my stuur om 'n man se melaatsheid te genees? Oorweeg dit nou en sien hoe hy 'n stryd met my soek."
- 8 Dit het gebeur toe Elisha, die man van God, hoor dat die koning van Yisra'el sy klere geskeur het, hy woord vir die koning stuur en sê: "Waarom het u u klere geskeur? Laat hom nou na my toe kom en hy sal weet dat daar 'n profeet in Yisra'el is."
- 9 So het Na'aman gekom met sy perde en met sy waens en by die ingang van Elisha se huis gestaan.
- 10 Elisha stuur 'n boodskapper na hom toe om te sê: "Gaan en was sewe maal in die Yarden en jou vlees sal aan jou herstel word en jy sal rein wees."
- 11 Na'aman was egter woedend en het weggegaan en gesê: "Let op, ek het gedink: 'Hy sal sekerlik uitkom om my te sien en staan en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, aanroep en sy hand oor die plek waai en die melaatsheid genees."
- 12 Is Abanah en Farpar, die riviere van Dammesek, nie beter as al die waters van Yisra'el nie? Kon ek my nie daarin was en rein wees nie?" Hy het omgedraai en in woede weggeroep.
- 13 Toe kom sy diensknegte nader en praat met hom en sê: "My vader, as die profeet u gevra het om 'n groot ding te doen, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer dan, wanneer hy vir u sê: 'Was en wees rein?'"
- 14 Hy het afgegaan en homself sewe maal in die Yarden gewas volgens die woord van die man van God en sy vlees is herstel soos die vlees van 'n jong seun en hy was rein.
- 15 Toe hy terugkom by die man van God met sy hele gevolg, het hy gekom en voor hom gaan staan en gesê: "Let op, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Yisra'el; vat asseblief nou 'n geskenk vanaf u dienskneg."
- 16 Hy sê egter: "Sowaar as יהוה leef voor wie ek staan, ek sal niks vat nie!" Hy het by hom aangedring om dit te vat, maar hy het geweier.
- 17 Na'aman het gesê: "Indien nie, laat daar asseblief twee muilvragte grond vir my gegee word, want u dienskneg sal nie langer brandoffers offer, of aan ander gode offer nie, maar net aan יהוה."
- 18 Mag יהוה in hierdie saak u dienskneg vergewe: wanneer my meester in die huis van Rimmon ingaan om hom daar neer te buig terwyl hy op my hand leun en ek my in die huis van Rimmon neerbuig; wanneer ek my neerbuig in die huis van Rimmon, mag יהוה u dienskneg in hierdie saak vergewe."
- 19 Hy sê vir hom: "Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!" Hy het 'n ent van hom af weggegaan,
- 20 maar Geigazi, die dienaar van Elisha, die man van God, het gedink: "Let op, my meester het hierdie Na'aman, die Edomeër, gespaar deur nie uit sy hand aan te neem wat hy gebring het nie. So waar as יהוה leef, ek sal agter hom aan hardloop en iets van hom af vat."

- 21 Geigazi het Na'aman dus agternagesit. Toe Na'aman een agter hom aan sien hardloop, het hy van die wa afgeklim om hom te ontmoet en gesê: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid."
- 22 Hy antwoord: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. My meester het my gestuur om te sê: 'Let op, daar het nou net twee jongmanne van die profete-seuns, van die bergland van Efrayim af, na my toe gekom. Gee asseblief vir hulle 'n talent silwer en twee stelle klere.'"
- 23 Na'aman het gesê: "Wees vry om twee talente te vat!" Hy het by hom aangedring en twee talente silwer in twee sakke toegebind en dit saam met twee stelle klere aan twee van sy dienaars gegee, wat dit voor hom uit gedra het.
- 24 Toe hy by die heuwel aankom, het hy dit uit hulle hand geneem en in die huis gesit en die manne weggestuur en hulle het vertrek.
- 25 Hy het eger ingegaan en voor sy meester gestaan en Elisha sê vir hom: "Waar was jy, Geigazi?" Hy antwoord: "U dienskneg het nêrens heen gegaan nie."
- 26 Toe sê hy vir hom: "Het my gees nie saamgegaan toe 'n man van sy wa af omgedraai het jou tegemoet nie? Is dit 'n tyd om geld en klere, olyfboorde, wingerde, kleinvee, beeste, slawe en slavinne te ontvang?"
- 27 Die melaatsheid van Na'aman sal daarom vir ewig aan jou en jou nageslag vaskleef." Hy het uit sy teenwoordigheid uit weggegaan, melaats soos sneeu.
- 6** 1 Die profete-seuns het vir Elisha gesê: "Let nou op, die plek voor u waar ons bly, is te beperk vir ons.
- 2 Laat ons asseblief na die Yarden gaan en elkeen 'n balk daarvandaan gaan haal sodat ons daarvan vir ons 'n plek kan maak waar ons bly." Hy het gesê: "Gaan."
- 3 Toe sê een: "Gaan asseblief saam met u diensknegte." Hy antwoord: "Ek sal gaan."
- 4 Hy het saam met hulle gegaan en toe hulle by die Yarden kom, het hulle bome afgekap,
- 5 maar terwyl een 'n balk kap, val die bylkop in die water en hy roep uit en sê: "Ag, my meester, dit was geleen!"
- 6 Toe vra die man van God: "Waar het dit geval?" Toe hy hom die plek wys, het hy 'n stok afgesny en dit daar gegooi en die yster bo laat dryf.
- 7 Hy het gesê: "Haal dit self uit!" Hy het sy hand uitgesteek en dit gevat.
- 8 Die koning van Aram het oorlog gevoer teen Yisra'el en hy het met sy diensknegte beraadslaag en gesê: "Op dié en dié plek sal my kamp wees."
- 9 Die man van God het die koning van Yisra'el laat weet: "Pas op dat u nie deur daardie plek trek nie, want die Arameërs kom daar deur."
- 10 Die koning van Yisra'el het na die plek gestuur waaroor die man van God met hom gepraat het; so het hy hom meer as een of twee keer gewaarsku sodat hy daar op sy hoede was.
- 11 Die verstand, wil en emosie van die koning van Aram was briesend hieroor en hy roep sy diensknegte en sê vir hulle: "Kan julle my vertel wie van ons vir die koning van Yisra'el is?"

- 12 Een van sy diensknegte antwoord: "Nee, my meester, o koning, Elisha, die profeet wat in Yisra'el is, vertel aan die koning van Yisra'el die woorde wat u in u slaapkamer praat."
- 13 Hy het gesê: "Gaan kyk waar hy is sodat ek kan stuur en hom laat vang." Dit is vir hom vertel en gesê: "Let op, hy is in Dotan."
- 14 Hy het perde, strydwaens en 'n groot leër daarheen gestuur en hulle het in die nag gekom en die stad omsingel.
- 15 Toe die lyfbediende van die man van God vroeg opgestaan en uitgegaan het, let op, het 'n leër met perde en strydwaens om die stad beweeg. Sy dienskneg sê vir hom: "Ag, my meester, wat sal ons doen?"
- 16 Hy antwoord: "Moenie vrees nie, want dié wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is."
- 17 Toe het Elisha gebid en gesê: "יהוה", ek bid, maak sy oë oop sodat hy kan sien." יהוה het die dienskneg se oë oopgemaak en hy het gesien en let op, die berg was vol perde en strydwaens van vuur reg rondom Elisha.
- 18 Toe hulle na hom toe afkom, het Elisha tot יהוה gebid en gesê: "Ek bid, slaan hierdie mense met blindheid." Hy het hulle volgens die woord van Elisha met blindheid geslaan.
- 19 Toe sê Elisha vir hulle: "Dit is nie die pad nie en ook nie die stad nie; volg my en ek sal julle na die man toe bring wat julle soek." Hy het hulle na Shomron gebring.
- 20 Toe hulle Shomron ingekom het, sê Elisha: "יהוה", maak hulle oë oop sodat hulle kan sien." יהוה het hulle oë oopgemaak en hulle het gesien en let op, hulle was binne-in Shomron!
- 21 Toe hy hulle sien, vra die koning van Yisra'el vir Elisha: "My vader, moet ek hulle doodmaak? Moet ek hulle doodmaak?"
- 22 Hy antwoord: "U mag nie doodmaak nie. Sou u hulle doodmaak wat u met u swaard en u boog as gevangenes weggevoer het? Sit aan hulle brood en water voor sodat hulle kan eet en drink en na hulle meester toe gaan."
- 23 Hy het 'n groot fees vir hulle voorberei en nadat hulle geëet en gedrink het, stuur hy hulle weg en hulle het na hul meester gegaan. Die plunderende bendes van die Arameërs het nie weer in die land van Yisra'el ingekom nie.
- 24 Dit het later gebeur dat Ben-Hadad, die koning van Aram, sy hele leër bymekaargemaak en opgegaan en Shomron beleër het.
- 25 Daar was 'n groot hongersnood in Shomron en let op, hulle het dit beleër totdat 'n donkiekop verkoop het vir tagtig sikkels silwer en 'n kwart-kab duiwemis vir vyf sikkels silwer. ^{Deut 28:52,53}
- 26 Terwyl die koning op die muur verbygaan, roep 'n vrou uit na hom en sê: "Help, my meester, o koning!"
- 27 Hy antwoord: "As יהוה jou nie help nie, waarvandaan sal ek jou help? Van die dorsvloer of van die parskuip?"
- 28 Die koning sê vir haar: "Wat is jou probleem?" Sy antwoord: "Hierdie vrou het vir my gesê: 'Gee jou seun sodat ons hom vandag kan eet en ons sal môre my seun eet.'

29 Ons het dus my seun gekook en hom geëet en ek het die volgende dag vir haar gesê: 'Gee jou seun sodat ons hom kan eet,' maar sy het haar seun weggesteek." Lev 26:29; Deut 28:53-

30 Toe die koning die woorde van die vrou hoor, skeur hy sy klere, (hy het op die muur verbygeloop) en die mense het gekyk en let op, hy het 'n roukleed onder aan, teen sy liggaam.

31 Toe het hy gesê: "Mag God so aan my doen en meer nog, as die kop van Elisha, die seun van Shafat, vandag op hom sal bly."

32 Elisha het in sy huis gesit en die oudstes het by hom gesit. Die koning het 'n man vanuit sy teenwoordigheid gestuur, maar voordat die boodskapper by hom kom, sê hy vir die oudstes: "Sien julle hoe hierdie seun van 'n moordenaar gestuur het om my kop af te kap? Kyk, wanneer die boodskapper kom, sluit die deur en hou die deur teen hom toe. Is die klank van sy meester se voetstappe nie agter hom nie?"

33 Terwyl hy nog met hulle praat, let op, kom die boodskapper af na hom toe en die koning sê: "Let op, hierdie boosheid kom van יהוה; hoekom sou ek langer op יהוה wag?"

7 1 Toe sê Elisha: "Hoor en luister na die woord van יהוה! So sê יהוה: 'Môre omtrent hierdie tyd sal 'n maat fyn meel 'n sikkkel en twee mate gars 'n sikkkel kos in die poort van Shomron.'"

2 Die adjudant op wie se hand die koning geleun het, antwoord die man van God en sê: "Let op, al maak יהוה ook vensters in die hemel, sou dit kan gebeur?" Toe sê hy: "Let op, jy sal dit met jou eie oë sien, maar nie daarvan eet nie."

3 Daar was vier melaatse manne by die ingang van die poort en hulle het vir mekaar gesê: "Hoekom sit ons hier totdat ons sterf?"

4 As ons sê: 'Laat ons in die stad ingaan;' die hongersnood is erg in die stad en ons sal daar sterf en as ons hier sit, sal ons ook sterf; daarom, kom nou en laat ons oorgaan na die kamp van die Arameërs. As hulle ons laat lewe, sal ons lewe en as hulle ons doodmaak, sal ons net sterf."

5 Hulle het teen aandskemer opgestaan om na die kamp van die Arameërs te gaan; toe hulle aan die buitekant van die kamp van die Arameërs kom, let op, was daar niemand nie,

6 want יהוה het die leer van die Arameërs 'n geluid van waens, 'n geluid van perde en 'n geluid van 'n groot leërmag, laat hoor sodat hulle vir mekaar gesê het: "Let op, die koning van Yisra'el het die koning van die Hittiete en die koning van die Mitrayimiete teen ons gehuur om ons te oorval."

7 Hulle het daarom in die skemer opgestaan en gevlug en hulle tente, perde en donkies, die kamp net soos dit was, gelos en vir hul lewe gevlug.

8 Toe daardie melaatse manne by die kant van die kamp kom, het hulle een tent binnegegaan en geëet en gedrink en silwer, goud en klere van daar weggedra en dit gaan wegsteek en hulle het teruggekom en 'n ander tent binnegegaan en ook daaruit weggedra en dit gaan wegsteek.

9 Toe sê hulle vir mekaar: "Ons doen wat nie reg is nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie nuus, maar ons bly stil! As ons wag tot die oggendlig, dan sal straf ons inhaal. Kom daarom nou, laat ons gaan en dit aan die huishouding van die koning vertel."

- 10 Hulle het gekom en na die poortwagters van die stad geroep en hulle vertel en gesê: "Ons het by die kamp van die Arameërs gekom en let op, daar was niemand daar of die stem van 'n mens nie, slegs die vasgemaakte perde en vasgemaakte donkies en die tente net soos hulle was."
- 11 Die poortwagters het geroep en dit in die huishouding van die koning vertel.
- 12 Toe staan die koning in die nag op en sê vir sy diensknegte: "Ek sal julle nou vertel wat die Arameërs aan ons gedoen het. Hulle weet dat ons honger is; daarom het hulle uit die kamp gegaan om hulleself in die veld weg te steek en gesê: 'Wanneer hulle uit die stad uitgaan, sal ons hulle lewendig vang en in die stad inkom.'"
- 13 Een van sy diensknegte antwoord: "Asseblief, laat sommige mans vyf van die perde wat oorgebly het in die stad vat. As hulle gevang sou word, laat hulle as 'n verlies beskou word soos die hele leër van Yisra'el wat omgekom het; laat ons daarom stuur en sien."
- 14 Hulle vat daarom twee strydwaens met perde en die koning het agter die leër van die Arameërs aan gestuur en gesê: "Gaan en kyk."
- 15 Hulle het agter hulle aan gegaan tot by die Yarden en let op, die hele pad was vol klere en toerusting wat die Arameërs in hulle haas weggegooi het. Toe draai die boodskappers om en vertel die koning.
- 16 Die mense het uitgegaan om die kamp van die Arameërs te plunder en 'n maat fyn meel het 'n sikkkel gekos en twee mate gars 'n sikkkel, volgens die woord van יהוה.
- 17 Die koning het die adjudant op wie se hand hy geleun het, oor die poort aangestel, maar die mense het hom in die poort vertrap en hy het gesterf net soos die man van God, wat gepraat het toe die koning na hom toe afgekom het, gesê het.
- 18 Dit het gebeur net soos die man van God met die koning gepraat en gesê het: "Môre omtrent hierdie tyd sal twee mate gars 'n sikkkel en 'n maat fyn meel 'n sikkkel in die poort van Shomron wees."
- 19 Toe het die adjudant die man van God geantwoord en gesê: "Let op, al maak יהוה ook vensters in die hemel, sou so iets kan gebeur?" Hy het gesê: "Let op, jy sal dit met jou eie oë sien, maar nie daarvan eet nie."
- 20 Net so het dit met hom gebeur, want die mense het hom in die poort vertrap en hy is dood.
- 8** 1 Elisha het met die vrou gepraat wie se seun hy lewendig gemaak het en gesê: "Staan op en gaan saam met jou huisgesin en bly as vreemdeling waar jy kan bly, want יהוה het 'n hongersnood uitgeroep en dit sal oor die land kom vir sewe jaar."
- 2 Die vrou het opgestaan en gedoen volgens die woord van die man van God en sy het met haar huisgesin gegaan en as vreemdeling vir sewe jaar lank in die land van die F'lishtyne gebly.
- 3 Aan die einde van sewe jaar het die vrou uit die land van die F'lishtyne teruggekom en uitgegaan om 'n beroep op die koning te doen vir haar huis en haar grond.
- 4 Die koning het met Geigazi, die dienskneg van die man van God, gepraat en gesê: "Vertel my asseblief al die groot dinge wat Elisha gedoen het."

- 5 Terwyl hy die koning vertel hoe hy die een wat dood was lewendig gemaak het, let op, appelleer die vrou wie se seun hy lewendig gemaak het, tot die koning vir haar huis en haar grond. Geigazi sê: "My meester, o koning, hierdie is die vrou en hierdie is haar seun, wat Elisha lewendig gemaak het."
- 6 Toe die koning die vrou vra, het sy hom vertel. Toe stel die koning vir haar 'n sekere amptenaar aan en sê: "Herstel alles wat aan haar behoort en ook die hele opbrengs van die grond, van die dag af dat sy die land verlaat het, tot nou toe."
- 7 Elisha het na Dammesek gekom. Ben-Hadad, die koning van Aram, was siek en dit is vir hom gesê: "Die man van God het hierheen gekom."
- 8 Die koning sê vir Haza'el: "Wat 'n geskenk in jou hand en gaan ontmoet die man van God en doen navraag by יהוה deur hom en vra: "Sal ek van hierdie siekte herstel?"
- 9 Haza'el het hom gaan ontmoet en 'n geskenk van veertig kameelvrage in sy hand gevat, allerhande goeie goed van Dammesek en hy het gekom en voor hom gaan staan en gesê: "U seun Ben-Hadad, koning van Aram, het my na u toe gestuur om te vra: "Sal ek herstel van hierdie siekte?"
- 10 Elisha antwoord hom: "Gaan, sê vir hom: 'Jy sal sekerlik herstel,' maar יהוה het my laat sien dat hy sekerlik sal sterf."
- 11 Hy het strak na hom gekyk totdat hy verleë was en die man van God het gehuil.
- 12 Haza'el sê: "Waarom huil my meester?" Toe antwoord hy: "Omdat ek weet watter boosheid jy die seuns van Yisra'el sal aandoen; jy sal hulle vestings aan die brand steek en hulle jongmanne met die swaard doodmaak en hulle jong kinders verpletter en hulle swanger vroue oopsny."
- 13 Toe sê Haza'el: "Wat is u dienskneg, 'n hond, dat hy hierdie groot ding sou doen?" Elisha antwoord: "יהוה het my gewys dat jy koning oor Aram sal wees." ^{1 Kon 19:15}
- 14 Hy het van Elisha af weggegaan en na sy meester teruggegaan, wat vir hom vra: "Wat het Elisha vir jou gesê?" Hy antwoord: "Hy het vir my gesê dat U sekerlik sal herstel."
- 15 Die volgende dag het hy die bedsprei gevat en dit in water gedoop en oor sy gesig uitgesprei sodat hy gesterf het en Haza'el het koning geword in sy plek.
- 16 In die vyfde jaar van Y'horam, die seun van Ag'av, koning van Yisra'el, Y'hoshafat was toe koning van Y'hudah, het Y'horam, die seun van Y'hoshafat, koning van Y'hudah, koning geword. ^{2 Kro 21:1-20}
- 17 Hy was twee en dertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het agt jaar lank in Yerushalayim geheers.
- 18 Hy het geloop op die pad van die konings van Yisra'el, net soos die huis van Ag'av gedoen het, want die suster van Ag'av het sy vrou geword en hy het gedoen wat boos was in die oë van יהוה.
- 19 Tog wou יהוה Y'hudah nie vernietig nie, ter wille van Dawid, Sy dienskneg, aangesien Hy hom belowe het om altyd vir hom 'n lamp deur sy seuns te gee.
- 20 In sy dae het die Edomiete van onder die hand van Y'hudah in opstand gekom en 'n koning oor hulleself aangestel.
- 21 Toe het Y'horam oorgegaan na Tza'ir en al sy strydwaens saam met hom. Hy het in die nag opgestaan en die Edomiete verslaan wat hom en die bevelvoerders van die

- strydwaens omsingel het, maar sy manne het na hulle tente gevlug.
- 22 So het die Edomiete teen Y'hudah in opstand gekom tot vandag toe. Toe het Livnah in dieselfde tyd in opstand gekom.
- 23 Die res van die dade van Y'horam en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 24 Y'horam is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van Dawid en sy seun, Agazyah, het in sy plek koning geword.
- 25 In die elfde jaar van Y'horam, die seun van Ag'av, die koning van Yisra'el, het Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, begin heers. ^{2 Kro 22:1-}
- 26 Agazyah was twee en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir een jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was 'Atalyahu, die dogter van 'Omri, koning van Yisra'el.
- 27 Hy het geloop in die lewenswyse van die huis van Ag'av en boos gedoen in die oë van יהוה, soos die huis van Ag'av, want hy was 'n skoonseun van die huis van Ag'av.
- 28 Toe het hy saam met Y'horam, die seun van Ag'av, in oorlog gegaan teen Haza'el, koning van Aram, by Ramot-Gil'ad en die Arameërs het Y'horam gewond.
- 29 Koning Y'horam het teruggekeer om in Yizre'el te herstel van die wonde wat die Arameërs hom toegedien het by Ramah toe hy teen Haza'el, koning van Aram baklei het. Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, het afgegaan om Y'horam, die seun van Ag'av, in Yizre'el te besoek, want hy was siek.
- 9** 1 Elisha, die profeet, het een van die profete-seuns geroep en vir hom gesê: “Gordel vas jou heupe en neem hierdie kruik met olie in jou hand en gaan na Ramot-Gil'ad.
- 2 Wanneer jy daar kom, soek vir Yehu, die seun van Y'hoshafat, die seun van Nimshi en gaan in en laat hom opstaan onder sy broers uit en bring hom na 'n binnekamer.
- 3 Vat dan die kruik met olie en giet dit op sy kop uit en sê: So sê יהוה: 'Ek het jou gesalf as koning oor Yisra'el.' Maak dan die deur oop, vlug en moenie wag nie.”
- 4 Die jongman, die dienskneg van die profeet, het na Ramot-Gil'ad gegaan.
- 5 Toe hy arriveer, let op, het die bevelvoerders van die leër daar gesit en hy sê: “Ek het 'n woord vir u, bevelvoerder.” Yehu vra: “Vir wie van ons?” Hy antwoord: “Vir u, bevelvoerder!”
- 6 Hy het opgestaan, in die huis ingegaan en hy het die olie op sy kop uitgegooi en vir hom gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Ek het jou gesalf as koning oor die volk van יהוה, oor Yisra'el.
- 7 Jy sal die huis van Ag'av, jou meester, slaan sodat Ek die bloed van My knegte, die profete en die bloed van al die knegte van יהוה deur die hand van Izevel, kan wreek,
- 8 want die hele huis van Ag'av sal sterf en Ek sal van Ag'av almal wat manlik is in Yisra'el, beide slaaf en vryman, afsny.
- 9 Ek sal die huis van Ag'av maak soos die huis van Yarov'am, die seun van N'vat en soos die huis van Ba'sha, die seun van Agiyah.

- 10 Die honde sal Izevel eet in die gebied van Yizre'el en niemand sal haar begrawe nie." Toe het hy die deur oopgemaak en gevlug.
- 11 Yehu het uitgegaan na die diensknegte van sy meester en een sê vir hom: "Is alles goed? Waarom het hierdie kranksinnige na jou toe gekom?" Hy antwoord hulle: "Julle ken die man en sy gepraat."
- 12 Hulle sê: "Dit is 'n leuen! Vertel ons nou." Hy antwoord: "So en so het hy vir my gesê: 'So sê יהוה: Ek het jou as koning oor Yisra'el gesalf.'"
- 13 Toe vat hulle gou elkeen sy kleed en lê dit onder hom op die kaal trappe neer en blaas op die ramshoring en sê: "Yehu is koning!"
- 14 Yehu, die seun van Y'hoshafat, die seun van Nimshi, het saamgesweer teen Y'horam. Y'horam en die hele Yisra'el was besig om Ramot-Gil'ad te verdedig teen Haza'el, koning van Aram,
- 15 maar koning Y'horam het teruggekeer na Yizre'el om genees te word van die wonde wat die Arameërs hom toegedien het in die geveg teen Haza'el, koning van Aram. Yehu het gesê: "As julle saamstem, laat niemand ontsnap of uit die stad uitgaan om dit in Yizre'el te gaan vertel nie."
- 16 Toe ry Yehu op 'n strydwa en gaan na Yizre'el, want Y'horam het daar gelê. Agazyah, koning van Y'udah, het afgekom om Y'horam te sien.
- 17 Die wag het op die toring in Yizre'el gestaan en die geselskap van Yehu gesien soos hy aankom en gesê: "Ek sien 'n geselskap." Y'horam sê: "Vat 'n ruiter en stuur hulle tegemoet en laat hom vra: 'Is dit vrede?'"
- 18 'n Perderuiter het hom tegemoet gegaan en gesê: "So vra die koning: 'Is dit vrede?'" Yehu antwoord: "Wat het jy met vrede te doen? Draai in agter my!" Die wag het rapporteer: "Die boodskapper het by hulle gekom, maar hy het nie teruggekom nie."
- 19 Toe stuur hy 'n tweede perderuiter, wat by hulle kom en sê: "So vra die koning: 'Is dit vrede?'" Yehu antwoord: "Wat het jy met vrede te doen? Draai in agter my!"
- 20 Die wag het gerapporteer: "Hy het tot by hulle gekom en hy kom nie terug nie en die ry is soos die ry van Yehu, die seun van Nimshi, want hy ry verwoed."
- 21 Toe sê Y'horam: "Maak gereed." Hulle het sy strydwa gereed gemaak. Y'horam, koning van Yisra'el en Agazyah, koning van Y'udah, het uitgegaan, elkeen op sy strydwa en hulle het uitgegaan om Yehu te ontmoet en hom gekry op die stuk grond van Navot, die Yizre'eliet.
- 22 Toe Y'horam vir Yehu sien, sê hy: "Is dit vrede, Yehu?" Hy antwoord: "Watter vrede, solank as wat die hoereerderye van jou moeder Izevel en haar toorderye so baie is?"
- 23 Y'horam het omgeswaai en gevlug en vir Agazyah gesê: "Verraad, Agazyah!"
- 24 Yehu het sy boog met sy volle sterkte gespan en Y'horam tussen sy arms geskiet; die pyl het deur sy hart gegaan en hy het in sy wa inmekaargesak.
- 25 Toe sê hy vir Bidkar, sy offisier: "Tel hom op, gooi hom op die stuk grond van Navot, die Yizre'eliet, want ek onthou toe ek en jy saam agter sy vader Ag'av gery het dat יהוה hierdie uitspraak oor hom gegee het:

- 26 'Ek het sekerlik gister die bloed van Navot en die bloed van sy seuns gesien, sê יהוה en Ek sal jou op hierdie stuk grond terugbetaal, sê יהוה. ' Tel hom dan nou op en gooi hom op die stuk grond volgens die woord van יהוה. ^{1 Kon 21:19-29}
- 27 Toe Agazyah, koning van Y'hudah, dit sien, het hy gevlug op die pad na Beit-HaGan. Yehu het hom ook agtervolg en gesê: "Skiet hom ook in die strydwa!" Hulle het hom geskiet by die hoogte van Gur by Yivle'am, maar hy het na Megiddo gevlug en daar gesterf.
- 28 Sy diensknegte het hom toe in 'n strydwa na Yerushalayim gevat en hom in sy graf by sy vaders begrawe in die stad van Dawid.
- 29 In die elfde jaar van Y'horam, die seun van Ag'av, het Agazyah koning oor Y'hudah geword.
- 30 Toe Yehu in Yizre'el gekom het, het Izevel daarvan gehoor en sy het haar oë geverf en haar kop versier en by die venster uitgekyk.
- 31 Terwyl Yehu deur die poort inkom, sê sy: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, Zimri, moordenaar van jou meester!" ^{1 Kon 16:10-20}
- 32 Toe het hy sy gesig opgelig na die venster en gevra: "Wie is aan my kant? Wie?" Twee of drie amptenare het afgekyk na hom.
- 33 Hy sê: "Gooi haar af!" Hulle het haar afgegooi en van haar bloed het teen die muur en teen die perde gespat en hulle het haar vertrap.
- 34 Hy het ingegaan en geëet en gedrink en hy het gesê: "Kyk tog na dié vervloekte vrou en begrawe haar, want sy is 'n koningsdogter."
- 35 Hulle het gegaan om haar te begrawe, maar hulle het niks meer van haar gekry as net die skedel, die voete en die palms van haar hande nie.
- 36 Hulle kom daarom terug en vertel hom en hy sê: "Dit is die woord van יהוה wat Hy deur sy kneg Eliyahu, die Tishbiet, gepraat het, naamlik: "Op die eiendom van Yizre'el sal die honde die vlees van Izevel eet
- 37 en die lyk van Izevel sal soos mis op die land wees op die eiendom van Yizre'el sodat hulle nie sal kan sê: 'Dit is Izevel' nie."

10 ¹ Ag'av het sewentig seuns gehad in Shomron. Yehu het aan die heersers van Yizre'el, die oudstes en aan die opvoeders van die seuns van Ag'av briewe geskryf, hulle na Shomron gestuur en gesê:

- 2 "Nou, wanneer hierdie brief by julle kom, aangesien die seuns van jul meester by julle is, sowel as die strydwaens, die perde, 'n versterkte stad en die wapens by julle is,
- 3 kies die beste en betroubaarste van die seuns van julle meester en sit hom op die troon van sy vader en veg vir die huis van julle meester.
- 4 Hulle het egter baie gevrees en gesê: "Let op, die twee konings het nie voor hom standgehou nie; hoe kan ons dan staan?"
- 5 Die een wat oor die huishouding was, hy wat oor die stad was, die oudstes en die opvoeders het woord aan Yehu gestuur en gesê: "Ons is u diensknegte, alles wat u ons beveel, sal ons doen; ons sal niemand koning maak nie; doen wat goed is in u oë."

- 6 Toe het hy vir die tweede keer 'n brief aan hulle geskryf en gesê: “As julle aan my kant is en my stem sal gehoorsaam, vat die koppe van die manne, die seuns van julle meester en kom môre omtrent hierdie tyd na my toe in Yizre'el.” Die koning se seuns, sewentig man, was by die groot manne van die stad wat hulle grootgemaak het.
- 7 Toe die brief by hulle kom, het hulle die seuns van die koning gevat en hulle gedood, sewentig man en hulle koppe in mandjies gesit en vir hom na Yizre'el gestuur.
- 8 Toe die boodskapper kom en hom vertel en sê: “Hulle het die koppe van die koning se seuns gebring,” sê hy: “Sit hulle in twee hope neer by die ingang van die poort tot die oggend toe.”
- 9 In die oggend het hy uitgegaan en gaan staan en vir al die mense gesê: “Julle is onskuldig. Let op, ek het saamgesweer teen my meester en hom vermoor, maar wie het al hierdie manne doodgemaak?”
- 10 Weet dan dat niks onvervuld sal bly van die woord van יהוה wat יהוה gepraat het teen die huis van Ag'av nie, want יהוה het gedoen wat Hy deur sy dienskneg Eliyahu gesê het.”
- 11 Yehu het almal van die huis van Ag'av wat in Yizre'el oor was en al sy groot manne, sy vertrouelinge en sy priesters, doodgemaak totdat hy vir hom niemand laat oorbly het nie.
- 12 Toe het hy opgestaan en vertrek na Shomron. Terwyl hy oppad was, by Beit-Eked van die herders,
- 13 het Yehu familie van Agazyah, koning van Y'hudah, ontmoet en gesê: “Wie is julle?” Hulle antwoord: “Ons is familie van Agazyah en ons het afgekom om die seuns van die koning en die seuns van die koninginmoeder te groet.”
- 14 Hy het gesê: “Gryp hulle lewendig!” Hulle het hul lewendig gegryp en by die put van Beit-Eked gedood; twee en veertig man en hy het niemand van hulle laat oorbly nie.
- 15 Toe hy daarvandaan vertrek het, het hy vir Y'honadav, die seun van Rekhav, ontmoet wat hom tegemoet kom en hy groet hom en sê vir hom: “Is jou hart reg, soos my hart met jou hart is?” Y'honadav antwoord: “Dit is.” Yehu sê “As dit is, gee jou hand.” Hy het vir hom sy hand gegee en hy het hom by hom op die wa gevat.
- 16 Hy het gesê: “Kom saam met my en sien my ywer vir יהוה.” Hy het hom op sy wa laat ry.
- 17 Toe hy in Shomron kom, het hy almal doodgemaak wat van Ag'av in Shomron oorgebly het totdat hy hom uitgewis het volgens die woord van יהוה wat Hy tot Eliyahu gepraat het.
- 18 Yehu het al die mense bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Ag'av het Ba'al 'n bietjie gedien; Yehu sal hom baie dien.
- 19 Roep nou al die profete van Ba'al, al sy aanbidders en al sy priesters; laat niemand gemis word nie, want ek het 'n groot offer aan Ba'al. Wie ook al gemis word, sal nie leef nie.” Yehu het dit egter met lis gedoen om die aanbidders van Ba'al te kan vernietig.

- 20 Yehu het ook gesê: "Sonder 'n ernstige byeenkoms af vir Ba'al." Hulle het dit uitgeroep.
- 21 Yehu het ook regdeur die hele Yisra'el gestuur en al die aanbidders van Ba'al het gekom sodat daar niemand oor was wat nie gekom het nie. Toe hulle in die tempel van Ba'al ingegaan het, was die tempel van Ba'al vol van een kant tot die ander.
- 22 Hy sê vir die een wat in beheer was oor die klerekamer: "Bring klere uit vir al die aanbidders van Ba'al." Hy het vir hulle klere uitgebring.
- 23 Yehu het saam met Y'honadav, die seun van Rekhav, in die tempel van Ba'al ingegaan en hy sê aan die aanbidders van Ba'al: "Soek en kyk dat daar nie miskien van die diensknegte van יהוה hier by julle is nie, maar net die aanbidders van Ba'al."
- 24 Toe het hulle ingegaan om offers en brandoffers te offer. Yehu het vir homself tagtig man buitekant opgestel en gesê: "Die een wat een van die manne wat ek in julle hande gee, laat ontsnap, sal sy lewe gee in sy plek."
- 25 Net toe hy klaar die brandoffer geoffer het, het dit gebeur dat Yehu aan die lyfwagte en die koninklike offisiere sê: "Gaan in, maak hulle dood, laat niemand uitkom nie!" Hulle het hul met die skerpste van die swaard doodgemaak en die lyfwagte en die koninklike offisiere het hulle uitgegooi en na die binnedeel van die huis van Ba'al gegaan.
- 26 Hulle het die pilare van die huis van Ba'al uitgebring en dit verbrand.
- 27 Hulle het ook die pilaar van Ba'al en die huis van Ba'al afgebreek en toilette daarvan gemaak, tot vandag toe.
- 28 So het Yehu Ba'al uit Yisra'el uit vernietig.
- 29 Nogtans het Yehu nie afgewyk van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie: die goue kalwers wat in Beit-El en in Dan was.
- 30 יהוה sê vir Yehu: "Omdat jy goed gedoen het deur te doen wat reg is in My oë en volgens alles wat in My hart was aan die huis van Ag'av gedoen het, sal jou seuns tot in die vierde geslag op die troon van Yisra'el sit."
- 31 Yehu het egter nie versigtig in die wet van יהוה, die God van Yisra'el, met sy hele verstand, wil en emosie geloop nie; hy het nie afgewyk van die sondes van Yarov'am waarin hy Yisra'el laat sondig het nie. ^{Hos 1:4}
- 32 In dié dae het יהוה dele van Yisra'el begin afsny en Haza'el het hulle deur die hele gebied van Yisra'el verslaan:
- 33 van die Yarden af ooswaarts, die hele land van Gil'ad, die Gadiete, die Re'uveniete en die M'nashehiete, vanaf Aro'er wat by die vallei van die Arnon lê, Gil'ad sowel as Bashan.
- 34 Die res van die dade van Yehu en alles wat hy gedoen het, al sy mag, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 35 Yehu is neergelê by sy vaders en is begrawe in Shomron. Y'ho'agaz, sy seun het in sy plek koning geword.
- 36 Die tyd wat Yehu oor Yisra'el in Shomron regeer het, was agt en twintig jaar.

- 11** 1 Toe 'Atalyah, die moeder van Agazyah, sien dat haar seun dood is, het sy opgestaan en die hele koninklike nageslag vernietig, ^{2 Kro 22:10-23:21}
- 2 maar Y'hosh'va, die dogter van koning Y'horam, die suster van Agazyah, het Yo'ash, die seun van Agazyah, gevat en hom gesteel vanuit die koning se seuns wat doodgemaak is en hom en sy versorger in haar slaapkamer gesit. So het hulle hom dan vir 'Atalyah weggesteek en hy is nie gedood nie.
- 3 Hy was saam met haar in die huis van יהוה weggesteek, ses jaar lank terwyl 'Atalyah oor die land regeer.
- 4 In die sewende jaar het Y'hoyada gestuur en die bevelvoerders oor 'n honderd van die lyfwagte en van die wagte laat haal en by hom in die huis van יהוה laat kom. Toe het hy met hulle 'n verbond gesluit en hulle onder eed geplaas in die huis van יהוה en vir hulle die koning se seun gewys.
- 5 Hy het hulle beveel en gesê: "Dit is wat julle moet doen: een derde van julle wat op die Shabbat inkom, moet wag hou by die huis van die koning,
- 6 'n derde deel by die poort Sur en 'n derde deel by die poort agter die wagte en julle moet wag hou oor die huis om dit te verdedig.
- 7 Twee dele van julle, almal wat op die Shabbat uitgaan, moet ook waghou by die huis van יהוה vir die koning.
- 8 Dan moet julle die koning omring, elkeen met sy wapens in sy hand en wie ook al in die rye inkom, moet gedood word en julle moet by die koning wees as hy uit- en ingaan."
- 9 Die bevelvoerders oor 'n honderd het toe alles gedoen soos die priester Y'hoyada beveel het en elkeen het sy manne wat op die Shabbat inkom saam met die wat op die Shabbat uitgaan gevat en na die priester Y'hoyada gekom.
- 10 Die priester het die spiese en die skilde van koning Dawid aan die bevelvoerders oor 'n honderd gegee wat in die huis van יהוה was.
- 11 Die wagte het elkeen gaan staan met sy wapens in sy hand, vanaf die regterkant van die huis tot by die linkerkant van die huis, by die altaar en by die huis, rondom die koning.
- 12 Toe het hy die seun van die koning uitgebring en die koninklike kroon op sy kop gesit, hom gesalf en hom koning gemaak; hulle het met die hande geklap en gesê: "Laat die koning lewe!"
- 13 Toe 'Atalyah die stem van die wagte en van die mense hoor, het sy na die mense in die huis van יהוה gekom.
- 14 Sy het gekyk en let op, die koning het by die pilaar gestaan, volgens die gewoonte, met die bevelvoerders en die trompetblasers langs die koning en al die mense van die land was bly en het op trompette geblaas. Toe skeur 'Atalyah haar klere en roep uit: "Verraad, verraad!"
- 15 Y'hoyada, die priester, het die bevelvoerders oor 'n honderd, wat oor die leër aangestel is, beveel en vir hulle gesê: "Vat haar uit die rye uit en maak die wat agter haar aankom dood met die swaard," want die priester het gesê: "Sy moenie in die huis van יהוה doodgemaak word nie."

- 16 Hulle het haar gegryp en toe sy by die ingang vir die perde van die huis van die koning gekom het, is sy daar doodgemaak.
- 17 Toe het Y'hoyada 'n verbond gesluit tussen יהוה, die koning en die volk dat hulle die volk van יהוה sou wees; ook tussen die koning en die volk.
- 18 Al die mense van die land het in die tempel van Ba'al ingegaan en dit afgebreek; sy altare en sy beelde het hulle deeglik in stukkies gebreek en Mattan, die priester van Ba'al, voor die altare doodgeslaan. Die priester het amptenare aangestel oor die huis van יהוה.
- 19 Y'hoyada het die bevelvoerders oor 'n honderd, die lyfwagte, die wagte en die hele volk van die land gevat en hulle het die koning afgebring uit die huis van יהוה en deur die poort van die wagte na die huis van die koning gegaan en hy het op die troon van die konings gaan sit.
- 20 Al die mense van die land was bly en die stad rustig, want hulle het 'Atalyah met die swaard doodgemaak by die koning se huis.
- 12** 1 Yo'ash was sewe jaar oud toe hy koning geword het. ^{2 Kro 24:1-27}
- 2 In die sewende jaar van Yehu het Yo'ash koning geword en hy het veertig jaar in Yerushalayim regeer en die naam van sy moeder was Tzivyah, van Be'er-Sh'va.
- 3 Yo'ash het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, al sy dae waarin Y'hoyada, die priester, hom onderrig het.
- 4 Net die hoë plekke is nie weggevat nie; die volk het steeds geoffer en op die hoë plekke wierook laat opgaan.
- 5 Toe het Yo'ash vir die priesters gesê: "Al die geld wat as toegewyde gawes in die huis van יהוה gebring word, die geld van elke man se waardebeplasing en al die geld wat iemand se hart hom oortuig om in die huis van יהוה te bring, ^{Eks 30:12-16}
- 6 mag die priesters vir hulleself vat, elkeen vanaf hulle wat besluit het om te gee en laat dit gebruik word vir die herstel van die huis, waar ook al 'n beskadigde plek gevind word.
- 7 Dit het egter gebeur dat in die drie en twintigste jaar van koning Yo'ash, die priesters nie die beskadigde plekke van die huis herstel het nie.
- 8 Toe het koning Yo'ash vir Y'hoyada, die priester en die ander priesters geroep en vir hulle gesê: "Waarom het julle nie die beskadigde plekke van die huis herstel nie? Nou daarom, julle moet geen geld ontvang vanaf wie dit gee nie, maar dit oorgee vir die herstel van die beskadigde plekke van die huis."
- 9 Die priesters het ingewillig om geen geld meer van die volk te ontvang nie en om ook nie die beskadigde plekke van die huis te herstel nie.
- 10 Y'hoyada, die priester, het egter 'n kis gevat en 'n gat in sy deksel geboor en dit langs die altaar neergesit, aan die regterkant soos 'n mens in die huis van יהוה inkom en die priesters wat die drumpel bewaak, het al die geld wat in die huis van יהוה ingebring is, daarin gegooi. ^{2 Kro 24:8-11}
- 11 Toe hulle sien dat daar baie geld in die kis was, het die skrywer van die koning en die hoofpriester opgekom en dit in sakke gebind en die geld getel wat in die huis van יהוה gevind is.

- 12 Hulle het die afgeweegde geld oorhandig aan dié wat die werk gedoen het, wat toesig oor die huis van יהוה gehad het en hulle het dit uitbetaal aan die skrynwerkers en die bouers wat aan die huis van יהוה gewerk het
- 13 en aan die messelaars en die klipkappers en om hout en gekapte klippe mee te koop om die beskadigde plekke van die huis van יהוה te herstel en vir alles wat uitgegee moes word om die huis te herstel.
- 14 Daar is egter nie silwer bekiers, snuiters, komme, trompette, enige goue houers of silwer houers in die huis van יהוה gemaak van die geld wat in die huis van יהוה gebring is nie,
- 15 want hulle het dit vir dié gegee wat die werk gedoen het en daarmee het hulle die huis van יהוה herstel.
- 16 Meer nog, hulle het nie boekhouding vereis van die manne in wie se hand die geld gegee is om dié wat die werk doen te betaal nie, want hulle het getrou opgetree.
- 17 Die geld van die skuldoffer en die geld van die sondoffers is nie in die huis van יהוה gebring nie; dit was vir die priesters.
- 18 Toe het Haza'el, koning van Aram, opgegaan en teen Gat geveg en dit ingeneem en Haza'el het sy gesig gerig om op te gaan na Yerushalayim.
- 19 Yo'ash, koning van Y'hudah, het al die afgesonderde voorwerpe wat Y'hoshafat, Y'horam en Agazyah, sy vaders, konings van Y'hudah, afgesonder het, saam met sy eie afgesonderde voorwerpe en al die goud wat te vinde was in die skatkamers van die huis van יהוה en van die koning se huis gevat en dit aan Haza'el, koning van Aram gestuur. Toe het hy van Yerushalayim af weggegaan.
- 20 Die res van die dade van Yo'ash en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 21 Sy diensknegte het opgestaan en 'n sameswering gesmee en Yo'ash doodgeslaan in Beit-Millo, op pad na Silla.
- 22 Yozakhar, die seun van Shim'at en Y'hozavat, die seun van Shomer, sy diensknegte, het hom doodgeslaan en hy is begrawe by sy vaders in die stad van Dawid en Amatzyah, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 13** 1 In die drie en twintigste jaar van Yo'ash, die seun van Agazyah, die koning van Y'hudah, het Y'ho'agaz, die seun van Yehu, koning geword oor Yisra'el in Shomron, sewentien jaar lank.
- 2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה en agter die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het, aangeloop; hy het nie van hulle af weggedraai nie.
- 3 Die toorn van יהוה het teen Yisra'el ontbrand en Hy het hulle voortdurend oorgegee in die hand van Haza'el, koning van Aram en in die hand van Ben-Hadad, die seun van Haza'el.
- 4 Toe het Y'ho'agaz die guns van יהוה gesoek en יהוה het na hom geluister, want Hy het die verdrukking van Yisra'el gesien, hoe die koning van Aram hulle onderdruk.
- 5 יהוה het aan Yisra'el 'n bevryder gegee sodat hulle van onder die mag van Aram uit ontsnap het en die seuns van Yisra'el het in hulle tente gebly soos vroeër.

- 6 Nogtans het hulle nie weggedraai van die sondes van die huis van Yarov'am waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie, maar daarin geloop en die Asherah het ook in Shomron bly staan.
- 7 Hy het vir Y'ho'agaz nie meer as vyftig perderuiters, tien strydwaens en tien duisend voetgangers van die leër laat oorbly nie, want die koning van Aram het hulle vernietig en hulle gemaak soos stof as gedors word.
- 8 Die res van die dade van Y'ho'agaz en alles wat hy gedoen het en sy mag, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 9 Y'ho'agaz is neergelê by sy vaders en hulle het hom in Shomron begrawe en Y'ho'ash, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 10 In die sewe en dertigste jaar van Yo'ash, die koning van Y'hudah, het Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning geword oor Yisra'el in Shomron; sestien jaar lank.
- 11 Hy het gedoen wat boos was in die oë van יהוה; hy het nie weggedraai van al die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie, maar het daarin volhard.
- 12 Die res van die dade van Y'ho'ash en alles wat hy gedoen het en sy mag waarmee hy teen Amatzyah, koning van Y'hudah, geveg het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 13 Y'ho'ash is neergelê by sy vaders en Yarov'am het op sy troon gaan sit en Y'ho'ash is begrawe in Shomron by die konings van Yisra'el.
- 14 Toe Elisha siek geword het met die siekte waaraan hy sou sterf, het Y'ho'ash, die koning van Yisra'el, afgekom na hom toe en oor hom gehuil en gesê: "My vader, my vader, die strydwa van Yisra'el en sy ruiters!" ^{2 Kon 2:12}
- 15 Elisha sê vir hom: "Vat 'n boog en pyle." Hy het 'n boog en pyle gevat.
- 16 Toe sê hy vir die koning van Yisra'el: "Sit jou hand aan die boog." Hy het sy hand op dit gesit en Elisha het sy hande op die hande van die koning gelê.
- 17 Hy het gesê: "Maak die venster oop na die ooste toe!" Hy het dit oopgemaak. Toe sê Elisha: "Skiet!" Hy het geskiet. Toe sê hy: "יהוה se pyl van oorwinning, van oorwinning oor Aram, want jy sal die Arameërs oorwin by Afek."
- 18 Toe sê hy: "Vat die pyle." Hy het dit gevat. Hy sê vir die koning van Yisra'el: "Slaan die grond!" Hy het drie maal geslaan en opgehou.
- 19 Die man van God was kwaad vir hom en sê: "Jy moes vyf of ses maal geslaan het; dan sou jy die Arameërs geslaan het totdat jy hulle vernietig het, maar nou sal jy die Arameërs net drie maal verslaan."
- 20 Elisha het gesterf en hulle het hom begrawe. Die bendes van die Mo'aviete het met die aanvang van die jaar die land binnegeval.
- 21 Terwyl hulle besig was om 'n man te begrawe, let op, sien hulle 'n plunderende bende en gooi die man in die graf van Elisha. Toe die man die gebeente van Elisha raak, het hy lewendig geword en op sy voete gestaan.
- 22 Haza'el, koning van Aram, het Yisra'el onderdruk, al die dae van Y'ho'agaz,
- 23 maar יהוה was goedgunstig tot hulle en het omgee vir hulle gehad en na hulle toe gedraai ter wille van Sy verbond met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov en Hy wou hulle nie vernietig en van Sy Teenwoordigheid af weggooi nie; tot nou toe.

- 24 Toe Haza'el, koning van Aram, sterf, het Ben-Hadad, sy seun, in sy plek koning geword.
- 25 Toe het Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, weer die stede uit die hand van Ben-Hadad, die seun van Haza'el, teruggevat wat hy uit die hand van Y'ho'agaz, sy vader, in die oorlog gevat het. Y'ho'ash het hom drie maal verslaan en die stede van Yisra'el herower.
- 14** ¹ In die tweede jaar van Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning van Yisra'el, het Amatzyah, die seun van Yo'ash, die koning van Y'hudah, koning geword.
- 2 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het nege en twintig jaar lank in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Y'ho'addan van Yerushalayim.
- 3 Hy het reg gedoen in die oë van יהוה, alhoewel nie soos sy vader, Dawid, nie; hy het alles gedoen volgens wat sy vader, Yo'ash, gedoen het.
- 4 Net die hoë plekke is nie weggevat nie: die volk het nog op die hoë plekke geoffer en wierook gebrand.
- 5 Nou, sodra die koninkryk stewig in sy hand was, het dit gebeur dat hy sy diensknegte, wat sy vader, die koning, doodgeslaan het, doodgemaak het.
- 6 Die kinders van die moordenaars het hy egter nie laat doodmaak nie, volgens wat geskryf is in die wetboek van Mosheh, soos יהוה dit beveel en gesê het: “Die vaders mag nie vir die kinders en die kinders mag nie vir die vaders doodgemaak word nie, maar elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.” ^{Deut 24:16; Yir 31:30; Yeg 18:20}
- 7 Hy het tien duisend man van Edom in die Soutvallei verslaan en Sela in die oorlog verower en dit Yokte'el genoem, tot vandag toe.
- 8 Toe stuur Amatzyah boodskappers na Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, die seun van Yehu, koning van Yisra'el, om te sê: “Kom, laat ons mekaar se gesigte sien.”
- 9 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het vir Amatzyah, koning van Y'hudah, laat weet en gesê: “Die distel wat in L'vanon is, het vir die seder wat in L'vanon is, laat weet: ‘Gee jou dogter vir my seun as vrou,’ maar ’n wilde dier van die L'vanon het verbygegaan en die distel vertrap.
- 10 U het inderdaad vir Edom verslaan ^{2 Kro 25:11} en u verstand, wil en emosie het trots geword; geniet die eer en bly by die huis, want waarom wil u moeilikheid uittart sodat u sou val; u en Y'hudah saam met u?”
- 11 Amatzyah wou egter nie luister nie. Toe gaan Y'ho'ash, koning van Yisra'el, op en hy en Amatzyah, koning van Y'hudah, het teenoor mekaar gestaan by Beit-Shemesh, wat aan Y'hudah behoort.
- 12 Y'hudah is deur Yisra'el verslaan en hulle het gevlug, elkeen na sy tent toe.
- 13 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het Amatzyah, koning van Y'hudah, die seun van Yo'ash, die seun van Agazyah, gevange geneem by Beit-Shemesh en by Yerushalayim gekom en vier honderd el van die muur van Yerushalayim afgebreek, vanaf die poort van Efrayim tot by die Hoekpoort.
- 14 Hy het al die goud, die silwer en al die gereedskap wat in die huis van יהוה en in die skatkamers van die huis van die koning te vinde was, gevat, asook die gyselaars en teruggegaan na Shomron.

- 15 Die res van die daad van Y'ho'ash, wat hy gedoen het en sy mag en hoe hy teen Amatzyah, die koning van Y'hudah, geveg het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 16 Y'ho'ash is neergelê by sy vaders en is begrawe in Shomron by die konings van Yisra'el en Yarov'am, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 17 Amatzyah, die seun van Yo'ash, die koning van Y'hudah, het nog vyftien jaar geleef ná die dood van Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning van Yisra'el.
- 18 Die res van die daad van Amatzyah, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 19 Hulle het saamgesweer teen hom in Yerushalayim en hy het na Lakhish gevlug, maar hulle het agter hom aan gestuur na Lakhish en hom daar doodgemaak.
- 20 Toe het hulle hom op perde vervoer en hy is in Yerushalayim begrawe by sy vaders in die stad van Dawid.
- 21 Al die mense van Y'hudah het vir 'Azaryahu ('Uziyahu) gevat, wat sestien jaar oud was en hom koning gemaak in die plek van sy vader Amatzyah. ^{2 Kro 26:1-23}
- 22 Nadat die koning by sy vaders neergelê is, het hy Eilat gebou en weer aan Y'hudah herstel.
- 23 In die vyftiende jaar van Amatzyah, die seun van Yo'ash, koning van Y'hudah, het Yarov'am, die seun van Y'ho'ash, koning van Yisra'el, in Shomron koning geword vir een en veertig jaar lank.
- 24 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, hy het nie weggedraai van al die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
- 25 Hy het die grens van Yisra'el herstel vanaf die ingang van Hamat af tot by die see van die 'Aravah, volgens die woord van יהוה, die God van Yisra'el, wat Hy deur sy dienskneg Yonah, die seun van Amittai, die profeet, wat uit Gat-Hefer was, gepraat het,
- 26 want יהוה het die ellende van Yisra'el gesien, wat baie bitter was, want daar was geen slaaf of vryman en geen helper vir Yisra'el nie.
- 27 יהוה het nie gesê dat Hy die naam van Yisra'el onder die hemel sou uitdelg nie en Hy het hulle gered deur Yarov'am, die seun van Yo'ash.
- 28 Die res van die daad van Yarov'am en alles wat hy gedoen het en sy mag, hoe hy geveg en hoe hy Dammesek en Hamat van Y'hudah aan Yisra'el herstel het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 29 Yarov'am is neergelê by sy vaders, met die konings van Yisra'el en Z'kharyah, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 15** ¹ In die sewe en twintigste jaar van Yarov'am, koning van Yisra'el, het 'Uziyahu, die seun van Amatzyah, koning van Y'hudah, koning geword.
- 2 Hy was sestien jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir twee en vyftig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Y'kholyahu, van Yerushalayim.
- 3 Hy het reg gedoen in die oë van יהוה, net soos sy vader Amatzyah gedoen het.
- 4 Net die hoë plekke is nie weggevat nie; die volk het steeds op die hoë plekke geoffer en wierook laat opgaan.

- 5 יהורם het die koning getref sodat hy 'n melaatse ^{2 Kro 26:16-21} was tot die dag van sy dood. Hy het in 'n afsonderlike huis gebly terwyl Yotam, die seun van die koning, oor die huishouding was en geoordeel het oor die mense van die land.
- 6 Die res van die daade van 'Uziyahu en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 7 'Uziyahu is neergelê by sy vaders en is begrawe by sy vaders in die stad van Dawid en Yotam, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 8 In die agt en dertigste jaar van 'Uziyahu, koning van Y'hudah, het Z'kharyah, die seun van Yarov'am, koning geword oor Yisra'el in Shomron vir ses maande lank.
- 9 Hy het boos gedoen in die oë van יהורם, soos sy vaders gedoen het; hy het nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
- 10 Toe het Shallum, die seun van Yavesh, saamgesweer teen hom en hom voor die mense geslaan en doodgemaak en in sy plek geheers.
- 11 Die res van die daade van Z'kharyah, let op, dit is opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el'.
- 12 Dit is die woord van יהורם wat Hy tot Yehu gepraat en gesê het: "Jou seuns tot die vierde geslag sal op die troon van Yisra'el sit," en dit was so.
- 13 Shallum, die seun van Yavesh, het in die nege en dertigste jaar van 'Uziyah, koning van Y'hudah, koning geword en 'n maand lank in Shomron regeer.
- 14 Toe het Menagem, die seun van Gadi, vanaf Tirtzah opgegaan en in Shomron gekom en Shallum, die seun van Yavesh, in Shomron geslaan en doodgemaak en in sy plek koning geword.
- 15 Die res van die daade van Shallum en sy sameswering wat hy gesmee het, let op, dit is opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el'.
- 16 Toe het Menagem Tifsag verslaan met almal wat daarin was tot by sy grens met Tirtzah omdat hulle nie vir hom oopgemaak het nie; daarom het hy dit verslaan en al die swanger vroue daarvan oopgesny.
- 17 In die nege en dertigste jaar van 'Uziyahu, koning van Y'hudah, het Menagem, die seun van Gadi, koning oor Yisra'el geword in Shomron; tien jaar lank.
- 18 Hy het boos gedoen in die oë van יהורם; hy het in al sy dae nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
- 19 Pul, koning van Ashur, het teen die land gekom en Menagem het vir Pul 'n duisend talente silwer gegee sodat sy hande met hom sou wees om die koningskap in sy hand te versterk.
- 20 Toe het Menagem die geld vanuit Yisra'el ingevorder, van al die magtige manne van rykdom, vyftig sikkels silwer van elke man om die koning van Ashur te betaal. So het die koning van Ashur teruggedraai en nie daar in die land gebly nie.
- 21 Die res van die daade van Menagem en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el' nie?
- 22 Menagem is neergelê by sy vaders en P'kagyah, sy seun, het in sy plek koning geword.

- 23 In die vyftigste jaar van 'Uziyahu, koning van Y'hudah, het P'kagyah, die seun van Menagem, in Shomron koning geword oor Yisra'el; twee jaar lank.
- 24 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה; hy het nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
- 25 Toe het Pekag, die seun van Remalyahu, sy adjudant, teen hom saamgesweer en hom in Shomron, in die vesting van die koning se huis geslaan, saam met Argov, Aryeh en vyftig man uit die Gil'adiete en hy het hom doodgemaak en in sy plek koning geword.
- 26 Die res van die dae van P'kagyah en alles wat hy gedoen het, let op, dit is opgeskryf in 'Die Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el'.
- 27 In die twee en vyftigste jaar van 'Uziyahu, koning van Y'hudah, het Pekag, die seun van Remalyahu, in Shomron koning geword oor Yisra'el; twintig jaar lank.
- 28 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה; hy het nie weggedraai van die sondes van Yarov'am, die seun van N'vat, waarmee hy Yisra'el laat sondig het nie.
- 29 In die dae van Pekag, koning van Yisra'el, het Tiglat-Pil'eser, koning van Ashur, gekom en 'Iyon, Avel-Beit-Ma'akhah, Yanoag, Kedes, Hatzor, Gil'ad en die Galil ingeneem; die hele land van Naftali en hy het hulle in gevangenskap weggevoer na Ashur.
- 30 Hoshea, die seun van Elah, het 'n sameswering gesmee teen Pekag, die seun van Remalyah en hom geslaan en doodgemaak en in sy plek koning geword, in die tweede jaar van Yotam, die seun van 'Uziyahu.
- 31 Die res van die dae van Pekag en alles wat hy gedoen het, let op, dit is opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Yisra'el.'
- 32 In die tweede jaar van Pekag, die seun van Remalyah, koning van Yisra'el, het Yotam, die seun van 'Uziyahu, koning van Y'hudah, koning geword. ^{2 Kro 27:1-9}
- 33 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Yerusha, die dogter van Tzadok.
- 34 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה; hy het alles gedoen volgens wat sy vader 'Uziyahu gedoen het.
- 35 Net die hoë plekke is nie verwyder nie; die volk het steeds op die hoë plekke geoffer en wierook laat opgaan. Hy het die Boonste Poort van die huis van יהוה gebou.
- 36 Die res van die dae van Yotam en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 37 In daardie dae het יהוה begin om Retzin, koning van Aram en Pekag, die seun van Remalyah, teen Y'hudah te stuur.
- 38 Yotam is neergelê by sy vaders en is begrawe by sy vaders in die stad van sy vader, Dawid en sy seun, Agaz, het in sy plek koning geword.

- 16** 1 In die agtiende jaar van Pekag, die seun van Remalyah, het Agaz, die seun van Yotam, koning van Y'hudah geword.
- 2 Agaz was twintig jaar oud toe hy koning geword het en het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer en hy het nie gedoen wat reg was in die oë van יהוה, sy God, soos sy vader Dawid nie, ^{2 Kro 28:1-27}
- 3 maar hy het geloop in die pad van die konings van Yisra'el en selfs sy seun deur die vuur laat gaan volgens die gruwels van die nasies wat יהוה י' voor die seuns van Yisra'el uit verdryf het.
- 4 Hy het op die hoë plekke geoffer en wierook laat opgaan op die heuwels en onder elke groen boom.
- 5 Toe het Retzin, koning van Aram en Pekag, die seun van Remalyah, koning van Yisra'el, opgegaan na Yerushalayim om oorlog te maak en hulle het Agaz beleër, maar kon hom nie oorwin nie. ^{Yes 7:1}
- 6 In daardie tyd het Retzin, koning van Aram, Eilat aan Aram herstel en die Y'hudahiete heeltemal uit Eilat verdryf en die Arameërs het na Eilat gekom en het daar gaan woon tot vandag toe.
- 7 Agaz stuur toe boodskappers na Tiglat-Pil'eser, koning van Ashur, om te sê: "Ek is u dienskneg en u seun; kom op en bevry my uit die hand van die koning van Aram en uit die hand van die koning van Yisra'el wat teen my opstaan.
- 8 Agaz het die silwer en die goud wat in die huis van יהוה י' en in die skatkamers van die huis van die koning te vinde was, gevat en 'n geskenk aan die koning van Ashur gestuur.
- 9 Die koning van Ashur het na hom geluister en die koning van Ashur het teen Dammesek opgegaan en dit verower en hulle in gevangenskap weggevoer na Kir en Retzin doodgemaak.
- 10 Koning Agaz het na Dammesek gegaan om Tiglat-Pil'eser, koning van Ashur, te ontmoet en die altaar gesien wat in Dammesek was. Koning Agaz het vir Uriyah, die priester, die bloudrukplan en 'n model van die altaar gestuur, volgens die vakmanskap daarvan.
- 11 Uriyah, die priester, het 'n altaar gebou, volgens alles wat koning Agaz uit Dammesek gestuur het, so het Uriyah, die priester dit gemaak, voor die koms van koning Agaz vanuit Dammesek.
- 12 Toe die koning vanaf Dammesek kom, het die koning die altaar gesien; toe het die koning nadergekom na die altaar en opgegaan daarheen
- 13 en sy brandoffer en sy spysoffer gebrand en sy drankoffer uitgegooi en die bloed van sy vredesoffers op die altaar gesprinkel.
- 14 Die koper altaar wat voor die Teenwoordigheid van יהוה י' was, het hy van die voorkant van die huis gebring, van tussen sy altaar en die huis van יהוה י' uit en dit aan die noordekant van sy altaar gesit.

- 15 Toe het koning Agaz, Uriyah, die priester, beveel en gesê: “Op die groot altaar moet jy die oggend brandoffer, die aand graanoffer, die koning se brandoffer en sy graanoffer saam met die brandoffer van die hele volk van die land, hulle graanoffer en hulle drankoffers brand en al die bloed van brandoffers en al die bloed van offers daarteen sprinkel, maar die koper altaar sal vir my wees om by navraag te doen.”
- 16 Uriyah, die priester, het gedoen volgens alles wat koning Agaz beveel het.
- 17 Toe het koning Agaz die rante van die staanders afgesny en die waskom van hulle af afgehaal; hy het ook die see van die koper beeste af afgehaal wat onder hulle was en dit op 'n klipvloer gesit,
- 18 asook die bedekking wat hulle vir die Shabbat gebou het in die huis van יהוה en die koning se ingang van buite af het hy weggedraai van die huis van יהוה af uit vrees vir die koning van Ashur.
- 19 Die res van die dade van Agaz, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die ‘Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah’ nie?
- 20 Agaz is neergelê by sy vaders en is by sy vaders begrawe in die stad van Dawid en sy seun Hizkياهو het in sy plek regeer.
- 17** 1 In die twaalfde jaar van Agaz, koning van Y'hudah, het Hoshea, die seun van Elah, in Shomron oor Yisra'el koning geword; nege jaar lank.
- 2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, net nie soos die konings van Yisra'el wat voor hom was nie.
- 3 Shalman'esar, die koning van Ashur, het teen hom opgekom en Hoshea het sy dienskneg geword en aan hom belasting betaal,
- 4 maar die koning van Ashur het by Hoshea 'n sameswering ontdek, wat boodskappers na So, koning van Mitzrayim gestuur het en nie aan die koning van Ashur belasting betaal het soos elke jaar nie; die koning van Ashur het hom dus opgesluit en hom in die tronk vasgebond.
- 5 Toe het die koning van Ashur die hele land ingeneem en opgegaan na Shomron en dit drie jaar lank beleër.
- 6 In die negende jaar van Hoshea het die koning van Ashur Shomron ingeneem en Yisra'el in ballingskap weggevoer na Ashur en hulle laat bly in Halag en Havor, by die rivier van Gozan en in die stede van die Mede. ^{Hos 1:4; 11:5}
- 7 Dit het gebeur omdat die seuns van Yisra'el gesondig het teen יהוה, hulle God, wat hulle uit die land van Mitzrayim, van onder die hand van Farao, koning van Mitzrayim, uit laat opgaan het en hulle ander gode gevrees het
- 8 en geleef het in die tradisies van die nasies, wat יהוה voor die kinders van Yisra'el uit verdryf het en van die konings van Yisra'el, wat dit ingestel het.
- 9 Die seuns van Yisra'el het dinge in die geheim gedoen wat nie reg was teenoor יהוה, hulle God, nie. ^{Yeg 8:12} Meer nog, hulle het vir hulself hoë plekke gebou in al hulle stede, van wagtoring af tot versterkte stad.
- 10 Hulle het vir hulself pilare en Asherah beelde opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom

- 11 en daar het hulle wierook gebrand op al die hoë plekke, soos die nasies wat יהוה voor hulle uit weggevoer het, gedoen het en hulle het bese dinge gedoen om יהוה uit te tart.
- 12 Hulle het afgode gedien, waarvan יהוה vir hulle gesê het: "Julle mag dit nie doen nie."
- 13 Tog het יהוה Yisra'el en Y'hudah gewaarsku deur al Sy profete en elke siener en gesê: "Draai weg van julle bese dade en onderhou My opdragte, My instellings, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het en wat Ek vir julle gestuur het deur My diensknegte, die profete."
- 14 Nietemin, hulle het nie geluister nie en hul nek styf gemaak soos hulle vaders wat nie op יהוה, hulle God, vertrou het nie.
- 15 Hulle het Sy instellings en Sy verbond verwerp wat Hy met hulle vaders gesluit en Sy waarskuwings waarmee Hy hulle gewaarsku het en agter nietighede aangeloop en nietig geword en agter die nasies aangegaan wat rondom hulle was, van wie יהוה hulle beveel het om nie soos hulle te doen nie.
- 16 Hulle het al die opdragte van יהוה, hulle God, verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak en 'n Asherah en die hele leer van die hemel aanbid en Ba'al gedien.
- 17 Toe het hulle hul seuns en hul dogters deur die vuur laat gaan ^{Lev 18:21; 20:2-5} en waarsêery en towery gepraktiseer en hulleself verkoop om boosheid te doen in die oë van יהוה, om Hom uit te tart.
- 18 So het יהוה dan baie kwaad geword vir Yisra'el en hulle van Sy Teenwoordigheid af verwyder; niemand het oorgebly nie behalwe die stam van Y'hudah.
- 19 Ook Y'hudah het die opdragte van יהוה, hulle God, nie gehou nie, maar geloop in die tradisies wat Yisra'el ingestel het.
- 20 יהוה het die hele nageslag van Yisra'el verwerp en hulle geteister en hulle in die hand van plunderaars oorgegee totdat Hy hulle uit Sy sig uit weggegooi het.
- 21 Toe Hy Yisra'el van die huis van Dawid afgeskeur het, het hulle Yarov'am, die seun van N'vat, koning gemaak. Toe het Yarov'am Yisra'el weggedryf daarvan om יהוה te volg en hulle 'n groot sonde laat doen.
- 22 Die seuns van Yisra'el het geloop in al die sondes van Yarov'am wat hy gedoen het, hulle het daar nie van weggedraai nie.
- 23 totdat יהוה Yisra'el voor Sy sig verwyder het soos Hy deur al Sy diensknegte, die profete, gepraat het. Yisra'el is in ballingskap uit sy land weggevoer na Ashur, tot vandag toe. ^{2 Kon 13:23; 14:27}
- 24 Die koning van Ashur het uit Babel, uit Kutah, uit 'Ava, uit Hamat en S'farvayim mense gebring en laat woon in die stede van Shomron, in die plek van die seuns van Yisra'el. Hulle het Shomron dus in besit geneem en in sy stede gaan woon.
- 25 Aan die begin van hulle verblyf daar het hulle יהוה nie gevrees nie; daarom het יהוה leeus tussen hulle ingestuur, wat sommige van hulle doodgemaak het.
- 26 Hulle het met die koning van Ashur gepraat en gesê: "Die nasies wat U weggevoer het na die stede van Shomron, ken nie die gebruike van die God van die land nie; daarom het Hy leeus onder hulle gestuur en let op, dié maak hulle dood omdat hulle nie die gebruike van die God van die land ken nie.

- 27 Toe beveel die koning van Ashur en sê: "Wat een van die priesters daarheen wat julle weggevoer het in ballingskap en laat hom daar gaan bly en laat hom die gebruike van die God van die land aan hulle leer.
- 28 Een van die priesters wat uit Shomron weggevoer is in ballingskap het gekom en in Beit-El gebly en hulle geleer hoe hulle יהוה moet vrees.
- 29 Elke nasie het egter steeds sy eie gode gemaak en in die huise van die hoë plekke gesit wat die mense van Shomron gebou het; elke nasie in hul stede waarin hulle gebly het.
- 30 Die manne van Bavel het Sukkot-B'not gemaak, die manne van Kutah het Nergal gemaak, die manne van Hamat het Ashima gemaak,
- 31 die 'Aviete het Nivgaz en Tartak gemaak. Die S'farvayiete het hulle kinders vir Adrammelekh en Anammelekh, die gode van die S'farvayiete, in die vuur verbrand.
- 32 So, hulle het יהוה respekvol gevrees en vanuit hulleself vir hulle priesters van die hoë plekke aangestel wat vir hulle opgetree het in die huise van die hoë plekke.
- 33 Hulle het יהוה respekvol gevrees en hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die nasies waaruit hulle weggevoer is.
- 34 Tot vandag toe doen hulle volgens die vroeëre gebruike: hulle vrees יהוה nie en doen ook nie Sy instellings, Sy regverdige oordele, of die wet, of die opdragte wat יהוה die seuns van Ya'akov beveel het nie, wat Hy Yisra'el genoem het,
- 35 met wie יהוה 'n verbond gesluit en hulle beveel en gesê het: "Julle mag geen ander gode vrees of julle voor hulle neerbuig of hulle dien of aan hulle offer nie,
- 36 maar יהוה, wat julle uit Mitzrayim gebring het met groot krag en met 'n uitgestrekte arm, Hom moet julle respekvol vrees en voor Hom buig en aan Hom offer.
- 37 Die instellings en die regverdige oordele en die wet en die opdragte wat Hy vir julle neergeskryf het, moet julle oplet om vir altyd te doen en julle sal nie ander gode vrees nie.
- 38 "Die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie en ook mag julle nie ander gode vrees nie,
- 39 maar julle moet יהוה, julle God, respekvol vrees en Hy sal julle bevry uit die hand van al julle vyande."
- 40 Hulle het egter nie geluister nie en volgens hul vroeëre gebruike gedoen.
- 41 Terwyl hierdie nasies יהוה respekvol gevrees het, het hulle ook hulle afgode gedien; ook hulle kinders en hulle kleinkinders, soos hulle vaders gedoen het, so doen hulle tot vandag toe.
- 18** 1 Dit het in die derde jaar van Hoshea, die seun van Elah, koning van Yisra'el, gebeur dat Hizkiyahu, die seun van Agaz, koning van Y'hudah geword het.
- 2 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en het nege en twintig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Aviyah, die dogter van Z'kharyah.
- 3 Hy het reg gedoen in die oë van יהוה volgens alles wat sy vader, Dawid, gedoen het.

- 4 Hy het die hoë plekke verwyder, die pilare afgebreek en die Asherah omgekap.
Hy het ook die koper slang wat Mosheh gemaak het, in stukkes gebreek omdat die seuns van Yisra'el tot op daardie dae wierook daarop gebrand het en dit is N'gushtan (gemaak van koper) genoem.
- 5 Hy het in יהוה, die God van Yisra'el, vertrou sodat ná hom daar tussen al die konings van Y'hudah niemand soos hy was nie, of tussen hulle wat voor hom was nie,
- 6 want hy het יהוה aangehang sonder om van Hom af weg te draai en Sy opdragte uitgevoer wat יהוה Mosheh beveel het.
- 7 יהוה was by hom; waarheen hy ook al gegaan het, was hy voorspoedig ^{Ps 1:3} en hy het in opstand gekom teen die koning van Ashur en hom nie gedien nie.
- 8 Hy het die F'lishtyne verslaan so ver as tot by 'Azah en sy grense, van wagtoring af tot versterkte stad.
- 9 In die vierde jaar van koning Hizkiyahu; dit was die sewende jaar van Hoshea, die seun van Elah, koning van Yisra'el; het Shalman'esar, koning van Ashur, teen Shomron opgegaan en dit beleër.
- 10 Hulle het dit ingeneem aan die einde van drie jaar; in die sesde jaar van Hizkiyahu - wat die negende jaar van Hoshea, koning van Yisra'el was - is Shomron oorgeneem.
- 11 Toe het die koning van Ashur Yisra'el in ballingskap weggevoer na Ashur en hulle laat bly in Halag en by Havor, by die rivier van Gozan en in die stede van die Mede
- 12 omdat hulle nie die stem van יהוה, hulle God, gehoorsaam het nie, maar Sy verbond oortree het; alles wat Mosheh, die dienskneg van יהוה, beveel het; hulle wou nie luister of dit doen nie.
- 13 In die veertiende jaar van koning Hizkiyahu het Sangeriv, die koning van Ashur, opgegaan teen al die versterkte stede van Y'hudah en hulle verower.
- 14 Toe laat Hizkiyahu, koning van Y'hudah, die koning van Ashur in Lakhish weet: "Ek het verkeerd gedoen; trek terug van my af; wat u my ook al oplê, sal ek verdra." Die koning van Ashur het drie honderd talente silwer en dertig talente goud van Hizkiyahu, koning van Y'hudah, verwag.
- 15 Hizkiyahu het al die silwer gegee wat in die huis van יהוה en in die skatkamers van die huis van die koning te vinde was.
- 16 In daardie tyd het Hizkiyahu, koning van Y'hudah, die goud van die deure van die tempel van יהוה en van die deurposte afgesny wat hy oorgetrek het en dit vir die koning van Ashur gegee.
- 17 Toe stuur die koning van Ashur vir Tartan, Rav-Saris en Rav-Shakeh uit Lakhish met 'n groot leër na koning Hizkiyahu in Yerushalayim. Hulle het opgegaan en by Yerushalayim gekom. Toe hulle opgegaan het, het hulle gekom en gaan staan by die watervoor van die Boonste poel wat op die hoofpad van die Wassersveld lê.
- 18 Toe hulle na die koning roep, het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die griffier en Yo'ag, die seun van Asaf, die kanselier, uitgekom na hulle toe.
- 19 Toe sê Rav-Shakeh vir hulle: "Sê vir Hizkiyahu: 'So praat die groot koning, die koning van Ashur! Wat is die vertroue wat jy het?'"

- 20 Jy praat, maar dit is net lippetaal: 'Ek het advies en krag vir die oorlog.' Op wie vertrou jy dat jy teen my gerebelleer het?
- 21 Nou, let op, jy vertrou op die staf van dié vergruisde riet, op Mitzrayim, wat, as iemand daarop leun, dit in sy hand ingaan en dit deurboor. So is Farao, koning van Mitzrayim, vir almal wat op hom vertrou.
- 22 As julle egter vir my sê: 'Ons vertrou op יהוה, ons God;' is dit nie Hy Wie se hoë plekke en Wie se altare Hizkiyahu verwyder het en vir Y'hudah en Yerushalayim gesê het: 'Julle moet voor hierdie altaar in Yerushalayim aanbid,' nie?
- 23 Nou daarom, maak 'n ooreenkoms met my meester, die koning van Ashur en ek sal vir jou twee duisend perde gee as jy van jou kant af ruiters daarop kan plaas.
- 24 Hoe kan u dan die versoek van een van die minste van die amptenare van my meester weerstaan en op Mitzrayim vertrou vir strydwaens en perderuiters?
- 25 Het ek nou sonder יהוה se goedkeuring opgekom teen hierdie plek om dit te vernietig? יהוה het vir my gesê: 'Gaan op teen hierdie land en vernietig dit.'"
- 26 Toe sê Elyakim, die seun van Hilkiyahu, Shevnah en Yo'ag vir Rav-Shakeh: "Praat met u diensknegte in Aramees, want ons verstaan dit en moenie met ons Hebreeus praat ten aanhore van die manne wat op die muur is nie."
- 27 Rav-Shakeh sê egter vir hulle: "Het my meester my net na u meester en na u gestuur om hierdie woorde te praat en nie met die manne wat op die muur sit, wat hulle eie drek gaan eet en hul eie urine drink saam met julle, nie?"
- 28 Toe staan Rav-Shakeh en roep hardop in Hebreeus en sê: "Hoor en luister na die woord van die groot koning, die koning van Ashur!
- 29 So sê die koning: 'Moenie dat Hizkiyahu julle mislei nie, want hy sal julle nie uit my hand kan bevry nie
- 30 en moet ook nie dat Hizkiyahu julle op יהוה laat vertrou deur te sê: 'יהוה sal ons sekerlik bevry en hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Ashur gegee word nie'.'
- 31 Moenie na Hizkiyahu luister nie, want so sê die koning van Ashur: 'Maak jou vrede met my en kom uit na my toe en eet elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom en drink elkeen van die water van sy eie put
- 32 totdat ek julle kom haal na 'n land soos julle eie land, 'n land van graan en nuwe wyn, 'n land van brood en wingerde, 'n land van olyfbome en heuning sodat julle mag leef en nie sterwe nie.' Moet egter nie na Hizkiyahu luister, wanneer hy julle mislei deur te sê: 'יהוה sal ons bevry,' nie.
- 33 Het enige een van die gode van die nasies sy land bevry uit die hand van die koning van Ashur?
- 34 Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van S'farvayim, Hena en 'Ivah? Het hulle Shomron uit my hand bevry?
- 35 Wie is daar onder al die gode van die lande wat hulle land uit my hand bevry het dat יהוה Yerushalayim uit my hand sou bevry?"
- 36 Die manskappe was egter stil en het hom nie 'n woord geantwoord nie, want dit was die bevel van die koning: "Moet hom nie antwoord nie."

37 Toe het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die griffier en Yo'ag, die seun van Asaf, die kanselier, met geskeurde klere by Hizkiyahu gekom en hom die woorde van Rav-Shakeh meegedeel.

19 1 Toe koning Hizkiyahu dit hoor, het hy sy klere geskeur, hom met 'n roukleed bedek en in die huis van יהוה ingegaan.

2 Daarna stuur hy Elyakim, wat oor die huishouding was en Shevnah, die griffier en die oudstes van die priesters, wat met rouklere bedek is, na die profeet Yesha'yahu, die seun van Amotz.

3 Hulle het vir hom gesê: “So sê Hizkiyahu: ‘Vandag is 'n dag van benoudheid, bestraffing en verwerping, want die kinders het gekom tot by die geboorte, maar daar is geen krag om gebore te word nie.

4 Miskien sal יהוה, u God, al die woorde hoor van Rav-Shakeh wat deur sy meester, die koning van Ashur, gestuur is om die lewende God te onteer en sal Hy die woorde bestraf wat יהוה, u God, gehoor het; bid daarom dan 'n gebed vir die oorblyfsel wat oor is.”

5 Die diensknegte van koning Hizkiyahu het by Yesha'yahu gekom,

6 Yesha'yahu sê vir hulle: “So moet julle jul meester antwoord: ‘So spreek יהוה: “Moenie bang wees as gevolg van die woorde wat jy gehoor het nie, waarmee die diensknegte van die koning van Ashur kwaad van My gepraat het nie.

7 Let op, Ek sal 'n gees in hom sit sodat hy 'n gerug sal hoor en na sy eie land sal teruggaan en Ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val.””

8 Rav-Shakeh het teruggegaan en die koning van Ashur gekry terwyl hy besig was om te veg teen Livnah, want hy het gehoor dat die koning Lakhish verlaat het.

9 Toe hy hoor dat hulle aangaande Tirhakah, koning van Kush, sê: “Let op, hy het uitgekóm om teen u te veg,” het hy weer boodskappers na Hizkiyahu gestuur en gesê:

10 “So moet julle vir Hizkiyahu, koning van Y'hudah, sê: ‘Moenie dat u God in wie u vertrou, u mislei deur te sê: “Yerushalayim sal nie in die hand van die koning van Ashur oorgegee word nie.”

11 Let op, u het self gehoor wat die konings van Ashur aan al die lande gedoen het, deur hulle volkome te vernietig, dus, sal u gespaar word?

12 Het die gode van die nasies wat my vaders vernietig het, hulle gered; Gozan en Haran en Retzef en die seuns van 'Eden wat in Tel'assar was?

13 Waar is die koning van Hamat en die koning van Arpad en die koning van die stad S'farvayim, van Hena en 'Ivah?”

14 Toe vat Hizkiyahu die brief uit die hand van die boodskappers en lees dit en hy het opgegaan na die huis van יהוה en dit voor die Teenwoordigheid van יהוה uitgesprei.

15 Hizkiyahu het voor die Teenwoordigheid van יהוה gebid en gesê: “יהוה, God van Yisra'el, wat op die troon sit bo die géruks, U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak!

16 Draai U oor en luister, o יהוה; maak U oë oop, יהוה, kyk en luister na die woorde van Sangeriv, wat hy gestuur het om die lewende God te onteer!

- 17 Dit is waar, יְהוָה, die konings van Ashur het die nasies en hulle lande verwoes
 18 en hulle gode in die vuur gegooi, want dit was geen gode nie, maar werk van mense hande, hout en klip; hulle het hul vernietig.
 19 Nou bid ek, יְהוָה, ons God, bevry ons uit sy hand sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יְהוָה, alleen God is.”
 20 Toe laat Yesha'yahu, die seun van Amotz, Hizkiyahu weet en sê: “So sê יְהוָה, die God van Yisra'el: ‘Omdat jy tot My gebid het aangaande Sangeriv, koning van Ashur, het Ek jou gehoor.’
 21 Dit is die woord wat יְהוָה teen hom gepraat het: ‘Sy het jou verag en bespot, die maagdelike dogter van Tziyon; sy het haar kop agter jou geskud, die dogter van Yerushalayim.
 22 Van wie het jy kwaad gepraat en wie het jy onteer? Teen wie het jy jou stem verhef en jou oë hoogmoedig opgelig? Teen die Afgesonderde Een van Yisra'el!
 23 Deur jou boodskappers het jy יְהוָה onteer en jy het gesê: ‘Met die menigte van my strydwaens het ek na die hoogtes van die berge opgekom, na die uithoeke van die L'vanon en ek het sy hoë seders, sy keur van sipresse, omgekap en deurgedring tot in sy diepste skuilhoeke, sy digste woude.
 24 Ek het gegrawe en vreemde waters gedrink en met my voetsole droog ek al die rivierstrome van Mitzrayim op.’
 25 Het jy dit nie gehoor nie? Lank gelede het Ek dit gedoen; van antieke tye af het Ek dit beplan. Nou het Ek dit laat gebeur sodat jy van versterkte stede puinhope sal maak;
 26 daarom was hulle inwoners kort van krag, hulle was moedeloos en beskaamd; hulle was soos plante van die veld en soos die groen kruie, soos gras op die dakke verbrand word voordat dit opgegroeï het,
 27 maar Ek ken jou sit en jou uitgaan en jou ingaan en hoe jy teen My raas.
 28 As gevolg van jou geraas teen My en omdat jou trotsheid opgekom het in My ore; daarom sal Ek My haak in jou neus sit en My toom tussen jou lippe en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom het.
 29 Dan sal hierdie vir jou die teken wees: julle sal hierdie jaar eet wat vanself groei, in die tweede jaar wat van dieselfde af uitspruit en in die derde jaar, saai, oes, wingerde plant en hulle vrugte eet.
 30 Die oorlewendes wat oorgebly het van die huis van Y'udah sal weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe,
 31 want vanuit Yerushalayim sal 'n oorblyfsel uitgaan en oorlewendes vanuit die berg Tziyon. Die ywer van יְהוָה sal dit doen.
 32 יְהוָה sê daarom so aangaande die koning van Ashur: ‘Hy sal nie by hierdie stad kom of 'n pyl daar skiet nie en hy sal nie met 'n skild voor dit kom of 'n wal teen dit opgooi nie.
 33 Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie by hierdie stad kom nie,’ verklaar יְהוָה,
 34 want Ek sal hierdie stad verdedig om dit te verlos, ter wille van Myself en vir My kneg Dawid.”

35 Toe het dit gebeur daardie nag dat die boodskapper van יהודה uitgegaan en een honderd vyf en tagtig duisend in die kamp van die Ashuriërs verslaan het en toe manne die oggend vroeg opstaan, let op, was almal van hulle dood!

36 Sangeriv, die koning van Ashur, het vertrek, teruggegaan en in Ninveh gebly.

37 Dit het gebeur terwyl hy hom neerbuig in die tempel van Nisrokh, sy god, dat sy seuns Adrammelekh en Shar'etzer hom met die swaard doodgemaak het en hulle het ontsnap na die land van Ararat. Esar-Haddon, sy seun, het in sy plek koning geword.

20 1 In dié dae het Hizkiyahu dodelik siek geword en Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz, het by hom gekom en vir hom gesê: "So sê יהודה: 'Kry jou huis in orde, want jy sal sterf en nie lewe nie.'" Yes 38:1-22; 2 Kron 32:25,26

2 Toe het hy sy gesig na die muur gedraai en gebid tot יהודה en gesê:

3 "Onthou nou, יהודה, ek smee U, hoe ek voor U Teenwoordigheid in waarheid en met 'n volmaakte verstand, wil en emosie geloof het en gedoen het wat goed is in u oë." Hizkiyahu het bitterlik gehuil.

4 Voordat Yesha'yahu by die middelste hof uitgegaan het, het die woord van יהודה tot hom gekom en gesê:

5 "Gaan terug en sê vir Hizkiyahu, die leier van My volk: "So sê יהודה, die God van jou vader, Dawid: 'Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; let op, Ek sal jou genees. Op die derde dag sal jy opgaan na die huis van יהודה'."

6 Ek sal vyftien jaar by jou lewe byvoeg en jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Ashur bevry en Ek sal hierdie stad verdedig ter wille van Myself en vir My kneg, Dawid."

7 Toe sê Yesha'yahu: "Wat 'n vyekoek." Hulle het dit gevat en op die sweer gesit en hy het herstel.

8 Hizkiyahu het vir Yesha'yahu gevra: "Wat sal die teken wees dat יהודה my sal genees en dat ek op die derde dag sal opgaan na die huis van יהודה?"

9 Yesha'yahu antwoord: "Dit sal vir jou die teken wees vanaf יהודה dat יהודה sal doen wat Hy gesê het: moet die skaduwee tien grade vorentoe gaan, of moet dit tien grade terug gaan?"

10 Hizkiyahu antwoord: "Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade af te gaan; nee, maar laat die skaduwee terugdraai, tien grade agtertoe."

11 Yesha'yahu, die profeet, het uitgeroep na יהודה en Hy het die skaduwee op die trappe tien grade teruggebring waarlangs dit afgegaan het op die trappe van Agaz se sonwyser.

12 In daardie tyd het M'rodakh-Bal'adan, 'n seun van Bal'adan, koning van Babel, briewe en 'n geskenk vir Hizkiyahu gestuur, want hy het gehoor dat Hizkiyahu siek was.

13 Hizkiyahu het na hulle geluister en vir hulle sy hele skathuis gewys, die silwer, die goud, die speserye, die kosbare olie, sy wapenhuis en alles wat in sy skatkamers te vinde was. Daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hizkiyahu nie vir hulle gewys het nie.

- 14 Toe kom die profeet Yesha'yahu na koning Hizkiyahu en sê vir hom: "Wat het hierdie manne gesê en waarvandaan het hulle na u toe gekom?" Hizkiyahu antwoord: "Hulle het van 'n ver land af gekom, vanaf Bavel."
- 15 Hy het gesê: "Wat het hulle in u huis gesien?" Hizkiyahu antwoord: "Alles wat in my huis is, het hulle gesien; daar is niks in my skatkamers wat ek nie vir hulle gewys het nie."
- 16 Yesha'yahu sê vir Hizkiyahu: "Hoor en luister na die woord van יהוה!"
- 17 'Let op, daar kom dae dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders tot vandag toe opgehoop het, na Bavel weggevoer sal word; daar sal niks oorbly nie,' sê יהוה.
- 18 'Sommige van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal weggevat word en hulle sal amptenare word in die paleis van die koning van Bavel.' ^{''' Dan 1:3,4}
- 19 Toe sê Hizkiyahu vir Yesha'yahu: "Die woord van יהוה wat u gesê het, is goed, as daar maar vrede en waarheid in my dae sal wees!"
- 20 Die res van die dade van Hizkiyahu en al sy mag en hoe hy die dam en die watervoor gemaak en die water in die stad ingebring het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'udah' nie?
- 21 Hizkiyahu is neergelê by sy vaders en M'nasheh, sy seun, het in sy plek koning geword. ^{Yes 36:1-39:8}
- 21** 1 M'nasheh was twaalf jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir vyf en vyftig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Heftzibah. ^{2 Kro 33:1-20}
- 2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens die gruwels van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el onteien het,
- 3 want hy het die hoë plekke weer herbou wat sy vader Hizkiyahu vernietig het en altare opgerig vir Ba'al en 'n Asherah gemaak, soos Ag'av, koning van Yisra'el, gedoen het en die hele leër van die hemel aanbid en hulle gedien. ^{Deut 16:21}
- 4 Hy het altare gebou in die huis van יהוה, waarvan יהוה gesê het: "In Yerushalayim sal Ek My Karakter en Outoriteit plaas." ^{Deut 16:21; Yeg 43:8,9}
- 5 Hy het altare gebou vir die hele leër van die hemel in die twee voorhove van die huis van יהוה. ^{Deut 16:21; Yeg 43:8,9}
- 6 Hy het sy seun deur die vuur laat gaan, hekserij, waarsêery en voortekens gepraktiseer en mediums en spiritiste gebruik. Hy het baie boosheid gedoen in die oë van יהוה om Hom te tart. ^{Deut 18:10; 2 Kro 33:6}
- 7 Toe het hy 'n gesnede beeld van Asherah, wat hy gemaak het, in die huis gesit waarvan יהוה vir Dawid en sy seun Shlomo gesê het: "In hierdie huis en in Yerushalayim, wat Ek verkies het uit al die stamme van Yisra'el, sal Ek vir ewig My Karakter en Outoriteit plaas. ^{Deut 16:21; Yeg 43:8,9}
- 8 Ek sal die voet van Yisra'el nie meer laat rondswerf uit die land wat Ek aan hulle vaders gegee het nie, as hulle net sal oplet om alles te doen, volgens wat Ek hulle beveel het en volgens die hele wet wat My dienskneg Mosheh hulle beveel het."
- 9 Hulle het egter nie geluister nie en M'nasheh het hulle verlei om meer boosheid te doen as die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
- 10 Nou het יהוה deur Sy diensknegte, die profete, gepraat en gesê:

- 11 “Omdat M’nasheh, koning van Y’hudah, hierdie gruwels gedoen het, boser as wat al die Emoriete gedoen het wat voor hom was en ook vir Y’hudah laat sondig het deur sy afgode;
- 12 daarom, so sê יהוה, die God van Yisra’el: ‘Let op, Ek bring sulke katastrofes oor Yerushalayim en Y’hudah, wat, as enige iemand daarvan hoor, beide sy ore sal tuit.
- 13 Ek sal die meetsnoer van Shomron en die skietlood van die huis van Ag’av oor Yerushalayim span en Ek sal Yerushalayim skoonvee soos ’n mens ’n bord skoonvee: dit skoonvee en onderstebo draai.
- 14 Ek sal die oorblyfsels van My erfenis verwerp en hulle in die hand van hul vyande oorgee en hulle sal soos buit en plunder word vir al hul vyande
- 15 omdat hulle boos gedoen het in My oë en My gedurig getart het tot woede sedert die dag dat hulle vaders uit Mitzrayim uitgekom het, tot vandag toe.”
- 16 Meer nog, M’nasheh het vreeslik baie onskuldige bloed vergiet totdat hy Yerushalayim van end tot end daarmee gevul het, behalwe sy sonde waarmee hy Y’hudah laat sondig het om te doen wat boos was in die oë van יהוה.
- 17 Die res van die dade van M’nasheh en alles wat hy gedoen het en sy sonde wat hy begaan het, is dit nie opgeskryf in die ‘Boek van die Kronieke van die konings van Y’hudah’ nie? ^{2 Kro 33:10-19}
- 18 M’nasheh is neergelê by sy vaders en is begrawe in die tuin van sy eie huis, in die tuin van die skatkamer. Amon, sy seun, het in sy plek koning geword. ^{2 Kro 33:20-25}
- 19 Amon was twee en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir twee jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Meshullemet, die dogter van Harutz, van Yotvah.
- 20 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, soos M’nasheh, sy vader, gedoen het.
- 21 Hy het geheel en al in die pad wat sy vader geloop het, geloop en die afgode gedien wat sy vader gedien het en hom voor hulle neergebuig. ^{2 Kro 33:2-7, 22}
- 22 So het hy יהוה, die God van sy vaders, verlaat en nie in die pad van יהוה geloop nie.
- 23 Die diensknegte van Amon het teen hom saamgesweer en die koning in sy huis doodgemaak.
- 24 Toe het die mense van die land almal wat saamgesweer het teen koning Amon doodgemaak en die mense van die land het vir Yoshiyahu, sy seun, in sy plek koning gemaak.
- 25 Die res van die dade van Amon, wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die ‘Boek van die Kronieke van die konings van Y’hudah’ nie?
- 26 Hy is begrawe in sy graf, in die tuin van die skatkamer. Yoshiyahu, sy seun, het in sy plek koning geword.
- 22** 1 Yoshiyahu was agt jaar oud toe hy koning geword het en hy het een en dertig jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Y’didah, die dogter van ‘Adayah, vanaf Botzkat. ^{2 Kro 34:1-35:27}
- 2 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה en in alles in die pad van sy vader, Dawid, geloop en nie regs of links afgedraai nie.

- 3 In die agttiende jaar van koning Yoshiyahu het die koning vir Shafan, die skrywer, die seun van Atzalyahu, die seun van Meshullam, na die huis van יהוה gestuur en gesê:
- 4 “Gaan op na Hilkiyahu, die hoofpriester en laat hy die geld tel wat in die huis van יהוה ingebring is, wat die deurwagters versamel het vanaf die volk.
- 5 Laat hulle dit oorhandig aan die werkers wat aangestel is oor die huis van יהוה en laat hulle dit aan die werkers gee, wat in die huis van יהוה is om die skade aan die huis te herstel,
- 6 aan die skrynwerkers, bouers en messelaars en om hout en gekapte klippe te koop om die huis te herstel.
- 7 Daar sal net geen boekhouding met hulle gedoen word oor die geld wat in hulle hand gegee is nie, want hulle handel getrou.”
- 8 Toe sê die hoofpriester Hilkiyahu vir Shafan, die skrywer: “Ek het die Boek van die Wet in die huis van יהוה gevind.” Hilkiyahu het die boek vir Shafan gegee, wat dit gelees het.
- 9 Shafan, die skrywer, het by die koning gekom en vir die koning woord gebring en gesê: “U diensknegte het die geld uitgehaal wat in die huis te vinde was en dit in die hande van die werkers wat aangestel is oor die huis van יהוה oorhandig.”
- 10 Meer nog, Shafan, die skrywer, het die koning vertel en gesê: “Hilkiyahu, die priester, het vir my ’n boek gegee.” Shafan het dit in die koning se teenwoordigheid gelees.
- 11 Toe die koning die woorde van die Boek van die Wet hoor, het hy sy klere geskeur.
- 12 Toe het die koning vir Hilkiyahu, die priester, Agikam, die seun van Shafan, ’Akhbor, die seun van Mikhayah, Shafan, die skrywer en ’Asayah, die dienskneg van die koning, beveel en gesê:
- 13 “Gaan raadpleeg יהוה vir my, vir die volk en vir die hele Y’hudah oor die woorde van hierdie boek wat gevind is, want die toorn van יהוה is groot wat teen ons ontvlam omdat ons vaders nie geluister het na die woorde van hierdie boek, om te doen volgens alles wat vir ons geskryf is, nie.”
- 14 Toe gaan Hilkiyahu, die priester, Agikam, ’Akhbor, Shafan en ’Asayah na Huldah, die profetes, die vrou van Shallum, die seun van Tikvah, die seun van Hargas, bewaarder van die wapens; sy het in Yerushalayim gebly en die wet bestudeer en hulle het met haar gepraat.
- 15 Sy het vir hulle gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra’el: ‘Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het,
- 16 so sê יהוה: “Let op, Ek bring boosheid oor hierdie plek en oor sy inwoners, al die woorde van die boek wat die koning van Y’hudah gelees het
- 17 omdat hulle My verlaat en vir ander gode wierook laat opgaan het, om My met al hul handewerk te tart; daarom sal My wraak brand teen hierdie plek en nie uitgeblus word nie”.’
- 18 Aan die koning van Y’hudah wat julle gestuur het om יהוה te raadpleeg, moet julle egter só sê: ‘So sê יהוה, God van Yisra’el aangaande die woorde wat jy gehoor het:

- 19 “Omdat jou hart sag is en jy jou voor die Teenwoordigheid van יהוה verneder het toe jy hoor wat Ek oor hierdie plek en oor sy inwoners gesê het: ‘hulle sal ’n verlatenheid en vervloeking word’ en jy jou klere geskeur en voor My Teenwoordigheid gehuil het, het Ek jou waarlik gehoor,” sê יהוה.’
- 20 Let daarom op, Ek sal jou by jou vaders versamel en jy sal met vrede in jou graf versamel word en jou oë sal nie al die boosheid sien wat Ek oor hierdie plek bring nie.” Hulle het die woord aan die koning teruggebring.
- 23** 1 Toe het die koning gestuur en hulle het al die oudstes van Y’hudah en Yerushalayim by hom versamel.
- 2 Die koning het opgegaan na die huis van יהוה en al die manne van Y’hudah en al die inwoners van Yerushalayim saam met hom en die priesters en die profete en al die mense, beide klein en groot en hy het al die woorde van die boek van die verbond, wat in die huis van יהוה gevind is, ten aanhore geles.
- 3 Die koning het by die pilaar gestaan en ’n verbond in die Teenwoordigheid van יהוה gesluit om יהוה te volg en Sy opdragte, Sy getuïenisse en Sy instellings met sy hele verstand, wil en emosie en met sy hele lewe te onderhou en om die woorde van die verbond wat in hierdie boek geskryf is, uit te voer en al die mense het ingetree in die verbond.
- 4 Toe beveel die koning vir Hilkiyahu, die hoofpriester, die priesters van die tweede rang en die deurwagters om al die voorwerpe uit die tempel van יהוה te bring wat gemaak is vir Ba’al, vir Asherah en vir die hele leer van die hemel en hy het dit buitekant Yerushalayim in die velde van Kidron verbrand en hulle as na Beit-El gedra.
- 5 Hy het weggedoen met die afgodspriesters wat die konings van Y’hudah aangestel het om wierook te brand op die hoë plekke in die stede van Y’hudah en in die omgewing van Yerushalayim en ook dié wat tot Ba’al, tot die son, die maan, die sterretekens en die hele leer van die hemel wierook laat opgaan het.
- 6 Hy het die Asherah uit die huis van יהוה na buitekant Yerushalayim uitgebring na die spruit Kidron en dit by die spruit Kidron verbrand en dit tot stof gemaal en sy stof gegooi op grafte van die gewone mense.
- 7 Hy het ook die huise van kultusprostitute afgebreek wat in die huis van יהוה was, waar die vroue behangsels geweef het vir die Asherah.
- 8 Toe het hy al die priesters uit die stede van Y’hudah laat kom en die hoë plekke onteer waarop die priesters wierook gebrand het, van Geba af tot by Be’er-Sh’va en die hoë plekke van die poorte afgebreek, wat by die ingang van die poort van Y’hoshua, die goewerneur van die stad, aan ’n mens se linkerhand by die stadspoort, was.
- 9 Nogtans het die priesters van die hoë plekke nie opgegaan na die altaar van יהוה in Yerushalayim nie, maar hulle het ongesuurde brode tussen hulle broers geëet.
- 10 Hy het Tofet, wat in die Ben-Hinnom vallei was, ook onteer sodat niemand sy seun of sy dogter vir Molekh deur die vuur sou laat gaan nie. ^{Deut 18:10}

- 11 Hy het weggedoen met die perde wat die konings van Y'hudah aan die son gegee het, by die ingang van die huis van יְהוָה, by die kamer van N'tan-Melekh, die amptenaar, wat in die omgewing was en hy het die waens van die son met vuur verbrand.
- 12 Die altare wat op die dak, die bo-kamer van Agaz, was, wat die konings van Y'hudah gemaak het en die altare wat M'nasheh in die twee howe van die huis van יְהוָה gemaak het, het die koning afgebreek en dit daar verbrysel en hulle stof in die Kidronspruit gegooi. ^{Deut 16:21}
- 13 Die hoë plekke wat voor Yerushalayim was, regs van die Berg van Vernietiging, wat Shlomo, die koning van Yisra'el, vir 'Ashtoret, die gruwel van die Tzidoniërs, vir K'mosh, die gruwel van Mo'av en vir Milkom, die gruwel van die seuns van 'Ammon, gebou het, het die koning onteer.
- 14 Hy het die klippilare in stukkies gebreek, die Asherah afgekap en hulle plek met mensbene opgevul.
- 15 Verder, die altaar wat by Beit-El was en die hoë plek wat Yarov'am, die seun van N'vat, wat Yisra'el laat sondig het, gebou het; ook daardie altaar en die hoë plek het hy afgebreek. Toe het hy sy klippe afgebreek, tot stof gemaal en die Asherah verbrand.
- 16 Toe Yoshiyahu omdraai, sien hy die grafte wat daar op die berg was en hy het die bene uit die grafte laat haal en op die altaar verbrand en dit onteer, volgens die woord van יְהוָה wat verklaar is deur die man van God wat hierdie woorde uitgeroep het. ^{1 Kon 13:1,2}
- 17 Toe sê hy: "Wat is hierdie monument wat ek sien?" Die manne van die stad antwoord hom: "Dit is die graf van die man van God wat uit Y'hudah gekom en hierdie dinge verklaar het wat u teen die altaar van Beit-El gedoen het." ^{1 Kon 13:30-32}
- 18 Hy het gesê: "Laat hom met rus, laat niemand sy bene versteur nie." Hulle het sy bene en die bene van die profeet wat uit Shomron gekom het, met rus gelaat.
- 19 Yoshiyahu het ook al die huise van die hoë plekke wat in die stede van Shomron was, wat die konings van Yisra'el gebou het om יְהוָה te tart, verwyder en daarmee gedoen net soos hy in Beit-El gedoen het.
- 20 Al die priesters van die hoë plekke wat daar was, het hy op die altare doodgemaak en mensbene daarop gebrand. Toe het hy na Yerushalayim teruggegaan.
- 21 Toe het die koning al die mense beveel en gesê: "Vier Pesag vir יְהוָה, julle God, soos geskrywe is in hierdie boek van die verbond."
- 22 Daar is sekerlik nie so 'n Pesag gevier vanaf die dae van die Rigters, wat Yisra'el gerig het, of gedurende al die dae van die konings van Yisra'el en die konings van Y'hudah nie,
- 23 maar in die agttiende jaar van koning Yoshiyahu is hierdie Pesag tot יְהוָה in Yerushalayim gehou. ^{2 Kro 35:1-19}
- 24 Yoshiyahu het verder ook die mediums, die spiritiste, die huisgode en die afgode en al die gruwels wat in die land van Y'hudah en in Yerushalayim te sien was, verwyder, om die woorde van die wet te bevestig wat geskryf is in die boek wat Hilkiyahu, die priester, in die huis van יְהוָה gekry het.

- 25 Voor hom was daar geen koning soos hy, wat met sy hele gees, verstand, wil en emosie en met al sy krag omgedraai het na יהוה volgens die hele wet van Mosheh nie en ook het nie een ná hom soos hy opgestaan nie.
- 26 Nogtans het יהוה nie weggedraai van die ernstigheid van Sy groot toorn waarmee Sy woede teen Y'hudah gebrand het oor al die tartinge waarmee M'nasheh Hom getart het nie. ^{2 Kon 24:2; Hos 12:1; 'Am 2:4; Mal 2:11}
- 27 יהוה het gesê: "Ek sal Y'hudah ook uit My sig verwyder soos Ek Yisra'el verwyder het en Ek sal hierdie stad Yerushalayim verwerp wat Ek gekies het en die huis waarvan Ek gesê het: 'My Karakter en Outoriteit sal daar wees.'"
- 28 Die res van die dade van Yoshiyahu en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 29 In sy dae het Farao N'khoh, koning van Mitzrayim, teen die koning van Ashur opgegaan na die Eufraatrivier en koning Yoshiyahu het hom tegemoet gegaan en toe hy hom sien, het hy vir Yoshiyahu gedood by Megiddo.
- 30 Sy diensknegte het sy liggaam in 'n strydwa vanaf Megiddo gery en hom na Yerushalayim gebring en hom in sy eie graf begrawe. Toe het die mense van die land vir Y'ho'agaz, die seun van Yoshiyahu, gevat, hom gesalf en hom in die plek van sy vader koning gemaak.
- 31 Y'ho'agaz was drie en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het drie maande lank in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Hamutal, die dogter van Yirmeyahu, van Livnah. ^{2 Kro 36:1-4}
- 32 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens alles wat sy vaders gedoen het.
- 33 Farao N'khoh het hom in Rivlah, in die land van Hamat, gevange gehou sodat hy nie in Yerushalayim sou regeer nie en die land 'n boete opgelê van 'n honderd talente silwer en 'n talent goud.
- 34 Farao N'khoh het Elyakim, die seun van Yoshiyahu, koning gemaak in die plek van Yoshiyahu, sy vader en sy naam verander na Y'hoyakim, maar hy het Y'ho'agaz weggevat en hom na Mitzrayim gebring en hy is daar dood. ^{2 Kro 36:4-}
- 35 Y'hoyakim het die silwer en die goud vir Farao gegee, maar hy het die grond belas om die geld volgens die bevel van Farao te gee. Hy het die silwer en die goud van die mense van die land ingevorder, elkeen volgens sy waardasie, om dit vir Farao N'khoh te gee.
- 36 Y'hoyakim was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het elf jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Z'vudah, die dogter van P'dayah, van Rumah.
- 37 En hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens alles wat sy vaders gedoen het.
- 24** 1 In sy dae het N'vukadnetzar, koning van Bavel, opgegaan en Y'hoyakim het vir drie jaar lank sy dienskneg geword; toe het hy omgedraai en teen hom gerebelleer.
- 2 יהוה het die bendes van die Kasdeërs, bendes van die Arameërs, bendes van die Mo'aviete en die bendes van die 'Ammoniete teen hom gestuur. Hy het hulle teen Y'hudah gestuur om dit te vernietig volgens die woord van יהוה wat Hy deur Sy knegte, die profete, gepraat het. ^{2 Kon 23:26,27; Hos 12:1; 'Am 2:4; Mal 2:11}

- 3 Sekerlik het dit volgens die bevel van יהוה oor Y'hudah gekom, om hulle van Sy Teenwoordigheid te verwyder vanweë die sondes van M'nasheh, volgens alles wat hy gedoen het;
- 4 asook vir die onskuldige bloed wat hy vergiet het sodat hy Yerushalayim met onskuldige bloed gevul het en יהוה wou nie vergewe nie.
- 5 Die res van die dade van Y'hoyakim en alles wat hy gedoen het, is dit nie opgeskryf in die 'Boek van die Kronieke van die konings van Y'hudah' nie?
- 6 Y'hoyakim is neergelê by sy vaders en sy seun Y'hoyakhin het in sy plek koning geword.
- 7 Die koning van Mitzrayim het nie weer uit sy land uitgekom nie, want die koning van Bavel het alles gevat wat aan die koning van Mitzrayim behoort het, vanaf die spruit van Mitzrayim tot by die Eufraatrivier.
- 8 Y'hoyakhin was agttien jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir drie maande in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was N'gushta, die dogter van Elnatan, van Yerushalayim. ^{2 Kro 36:9-10}
- 9 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, volgens alles wat sy vader gedoen het.
- 10 In dié tyd het die diensknegte van N'vukadnetzar, koning van Bavel, na Yerushalayim opgegaan en die stad is beleër.
- 11 N'vukadnetzar, koning van Bavel, het by die stad gekom terwyl sy diensknegte dit beleër het.
- 12 Y'hoyakhin, die koning van Y'hudah, het uitgegaan na die koning van Bavel, hy, sy moeder, sy dienaars, sy bevelvoerders en sy amptenare en die koning van Bavel het hom gevangene geneem in die agtste jaar van sy regering.
- 13 Hy het al die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning daarvandaan uitgedra en al die goud van die voorwerpe afgesny wat Shlomo, koning van Yisra'el, gemaak het in die tempel van יהוה, net soos יהוה gesê het.
- 14 Toe het hy die hele Yerushalayim, al die bevelvoerders, al die dapper magtige manne, tien duisend ballinge en al die vakmanne en die slotmakers weggevoer; niemand het oorgebly nie, behalwe die armste mense van die land.
- 15 Hy het Y'hoyakhin in ballingskap weggevoer na Bavel, asook die moeder van die koning, die vroue van die koning, sy amptenare, asook die heersende manne van die land het hy in ballingskap uit Yerushalayim na Bavel laat gaan.
- 16 Al die dapper manne, sewe duisend en die vakmanne en die slotmakers, een duisend, almal sterk en in staat om oorlog te maak; dié het die koning van Bavel in ballingskap na Bavel gebring.
- 17 Toe het die koning van Bavel Y'hoyakhin se oom, Mattanyah, in sy plek koning gemaak en sy naam verander na Tzidkiyahu.
- 18 Tzidkiyahu was een en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir elf jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Hamutal, die dogter van Yirmeyahu, van Livnah.
- 19 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה volgens alles wat Y'hoyakhin gedoen het,
- 20 want deur die woede van יהוה het dit in Yerushalayim en Y'hudah gebeur totdat Hy hulle uit Sy Teenwoordigheid weggegooi het. Tzidkiyahu het teen die koning van Bavel gerebelleer.

- 25** 1 In die negende jaar van sy regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand, het N'vukadnetzar, koning van Bavel, gekom, hy en sy hele leër, teen Yerushalayim en daarteen kamp opgeslaan en 'n beleëringsmuur rondom gebou.
- 2 Die stad was in beleëring tot die elfde jaar van koning Tzidkiyahu.
- 3 Op die negende dag van die vierde maand, was die hongersnood so groot in die stad dat daar geen kos vir die mense van die land was nie.
- 4 Toe is in die stad ingebreek en al die krygsmanne het in die nag, deur die poort, tussen die twee mure wat langs die koning se tuin is, gevlug, alhoewel die Kasdeërs reg rondom die stad was en hulle het op die pad van die Vlakte gegaan.
- 5 Die leër van die Kasdeërs het die koning egter agtervolg en hom in die vlaktes van Yerigo ingehaal en sy hele leër is van hom af verstrooi.
- 6 Toe vang hulle die koning en bring hom na die koning van Bavel by Rivlah en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.
- 7 Hulle het die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë doodgeslaan en toe die oë van Tzidkiyahu verblind en hom met koper kettings gebind en hom na Bavel gebring.
- 8 Op die sewende dag van die vyfde maand, in wat die negentiende jaar van koning N'vukadnetzar, die koning van Bavel, was, het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die wag, 'n dienskneg van die koning van Bavel, na Yerushalayim gekom. ^{Yir 52:12}
- 9 Hy het die huis van יהודה, die koning se huis en al die huise van Yerushalayim, elke groot huis, met vuur verbrand. ^{Yir 17:27}
- 10 Die hele leër van die Kasdeërs, wat by die bevelvoerder van die wag was, het die mure rondom Yerushalayim afgebreek.
- 11 Toe is die res van die mense wat in die stad oorgebly het en die oorlopers wat na die koning van Bavel oorgeloop het en die res van die mense deur N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die wag, in ballingskap weggevat,
- 12 maar die bevelvoerder van die wag het sommige van die armstes van die land gelos om wynboere en landbouers te wees.
- 13 Die Kasdeërs het die koper pilare wat in die huis van יהודה was, die staanders en die koper see wat in die huis van יהודה was, stukkend gebreek en die koper na Bavel weggedra.
- 14 Hulle het die potte, grawe, snuiters, lepels en al die koper houers wat in die diens gebruik is, weggevat.
- 15 Die bevelvoerder van die wag het ook die vuurpanne en die komme, wat van suiwer goud en van suiwer silwer was, weggevat;
- 16 die twee pilare, die een see en die staanders wat Shlomo vir die huis van יהודה gemaak het; die koper van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie.
- 17 Die hoogte van een pilaar was agttien el en 'n pilaarkroon van koper was daarop; die hoogte van die pilaarkroon was drie el; met vlegwerk en granate rondom op die pilaarkroon, alles van koper en net so was die tweede pilaar, met vlegwerk.
- 18 Toe het die bevelvoerder van die wag vir S'rayah, die hoofpriester, Tz'fanyah, die tweede priester en drie amptenare van die tempel gevang.

- 19 Hy het een amptenaar vanuit die stad wat oor die krygsmanne aangestel was, vyf van die koning se raadgewers wat in die stad gevind is, die skrywer van die bevelvoerder van die leër, wat die mense van die land oproep en sestig man van die mense van die land wat in die stad gevind is, gevat.
- 20 N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die wag, het hulle gevat en hulle na die koning van Bavel, by Rivlah gebring.
- 21 Toe het die koning van Bavel hulle neergeslaan en hulle doodgemaak in Rivlah, in die land van Hamat. So is Y'udah uit sy land uit in ballingskap weggevoer.
- 22 Wat die mense betref wat in die land van Y'udah oorgebly het, wat N'vukadnetzar, koning van Bavel, laat agterbly het: hy het G'dalyah, die seun van Agikam, die seun van Shafan, oor hulle aangestel. Yir 40:5-43:13
- 23 Toe al die bevelvoerders van die leërs, hulle en die manne, hoor dat die koning van Bavel vir G'dalyah aangestel het, het hulle na G'dalyah, na Mitzpah gekom, naamlik: Yishma'el, die seun van N'tanyah, Yoganan, die seun van Kareag, S'rayah, die seun van Tangumet, die N'tofatiet en Ya'azanyah, die seun van die Ma'akhati, hulle en hul manne.
- 24 G'dalyah het vir hulle en hul manne gesweer en vir hulle gesê: "Moenie bang wees vir die diensknegte van die Kasdeërs nie; leef in die land en dien die koning van Bavel en dit sal met julle goed gaan."
- 25 Dit het egter in die sewende maand gebeur dat Yishma'el, die seun van N'tanyah, die seun van Elishama, uit die koninklike familie, met tien manne gekom het en G'dalyah doodgeslaan het, saam met die Jode en die Kasdeërs wat saam met hom by Mitzpah was.
- 26 Toe het al die mense, klein en groot, saam met die bevelvoerders van die leërs, opgestaan en na Mitzrayim gegaan, want hulle was bang vir die Kasdeërs.
- 27 Dit het in die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van Y'hoyakhin, koning van Y'udah, in die twaalfde maand, op die sewe en twintigste van die maand gebeur dat Eveel-M'rodakh, koning van Bavel, in die jaar dat hy koning geword het, vir Y'hoyakhin, die koning van Y'udah, uit die gevangenis vrygelaat het
- 28 en hy het vriendelik met hom gepraat en sy troon gesit bokant die trone van die konings wat by hom in Bavel was.
- 29 Y'hoyakhin het sy gevangensklore vervang en hy het gereeld sy maaltye in die koning se teenwoordigheid geëet, al die dae van sy lewe
- 30 en vir sy lewensonderhoud, is 'n gereelde lewensonderhoud vir hom gegee deur die koning, 'n deel elke dag, al die dae van sy lewe.

Die twaalfde boek van die Verbond (Tanakh)

Die sewende boek van die Profete

Die eerste boek van die Latere Profete

Yesha'yahu

(Jesaja)

ישעיהו - יהודה het gered.

Die boek is deur die profeet Yesha'yahu, tydens sy bediening van ongeveer 762 tot 698 voor Yeshua, geskryf.

- 1 Die visioene van Yesha'yahu, die seun van Amotz, wat hy gesien het met betrekking tot Y'hudah en Yerushalayim, wat hy gesien het tydens die heerskappy van 'Uziyahu, Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah.
- 2 “Luister, o hemele en luister, o aarde, want יהוה praat: “Ek het seuns groot gemaak en tot groot hoogtes gebring, maar hulle het teen My in opstand gekom.
- 3 Selfs 'n os ken sy weiplek en 'n donkie die krip van sy meester, maar Yisra'el ken nie een van die twee nie en My volk verstaan nie wat dit beteken nie.
- 4 Wee 'n sondige nasie; 'n volk neergedruk met skuld, nageslag van wetteloses, seuns wat korrup optree! Julle het יהוה verlaat. Julle het die Afgesonderde van Yisra'el verag, julle het van Hom af weggedraai.
- 5 Waar sal julle nog geslaan word, aangesien julle voortgaan in rebellie? Die hele kop is siek en die hele binneste is swak.
- 6 Vanaf die voetsool tot die kop is daar niks reg nie, net kneusplekke, opswellings en rou wonde; nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie.
- 7 Julle land is verlate, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid; dit is 'n verlatenheid asof deur vreemdes vernietig.
- 8 Die dogter van Tziyon is verlate soos 'n skerm in 'n wingerd, soos 'n wagtershut in 'n komkommerveld, soos 'n beleërde stad.
- 9 As יהוה-Tzva'ot nie vir ons 'n bietjie oorblywendes oorgelos het nie, sou ons soos S'dom geword het, ons sou soos 'Amorah wees. ^{Rom 9:29}
- 10 Hoor die woord van יהוה, heersers van S'dom! Luister na die instruksies van ons God, mense van 'Amorah!
- 11 ‘Wat is julle vermenigvuldigde slagoffers vir My?’ sê יהוה. ‘Ek het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde kalwers; Ek het geen plesier in die bloed van bulle, lammers of bokke nie. ^{1 Sh'm 15:22; Mat 9:13; Mat 12:7}
- 12 As julle kom om voor My Teenwoordigheid te verskyn, wie vereis dit van julle, hierdie vertrapping van My voorhowe?
- 13 Moenie langer julle waardelose offergawes bring nie; wierook is 'n gruwel vir My. Nuwemaan en Shabbat, die uitroep van byeenkomste; Ek kan nie booshede saam met die ernstige byeenkomste verdra nie!
- 14 Ek haat julle Nuwemaanfeeste en julle aangestelde feestye; hulle het vir My 'n las geword; Ek is moeg om dit te dra.
- 15 Wanneer julle jul hande uitsprei, ^{1 Tim 2:8} sal Ek My oë vir julle toemaak; ja, selfs al vermenigvuldig julle gebede, Ek sal nie luister nie. Julle hande is oortrek met bloed.
- 16 Was julleself, maak julleself skoon; ^{Ya'a 4:8; 1 Yog 1:7-9} verwyder die boosheid van julle dade uit My sig. Hou op om boos te doen,
- 17 leer om goed te doen; soek regverdige oordeel, bestraf die gewetenlose, verdedig die weeskinders, verdedig die saak van die weduwee. ^{Ya'a 1:27}
- 18 Kom nou en laat ons saam redeneer,' sê יהוה: ‘Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol. ^{Ps 51:9}
- 19 As julle inwillig en gehoorsaam, sal julle die beste van die land eet,

- 20 maar as julle weier en rebelleer, sal julle deur die swaard verteer word. Waarlik, die mond van יהוה het gepraat.
- 21 Hoe het die getroue stad 'n hoer geword! Sy was vol regverdige oordeel! Onpartydige opregtheid het eens in haar gewoon, maar nou moordenaars!
- 22 Jou silwer het afsaksels geword; ^{Spr 25:4} jou wyn vermeng met water.
- 23 Jou heersers is rebelle en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag agter belonings aan. Hulle verdedig nie die weeskinders nie en die saak van die weduwee kom ook nie voor hulle nie;
- 24 daarom verklaar die Meester יהוה-Tzva'ot, die Magtige Een van Yisra'el: 'O, Ek sal My wreek op My teëstanders en vergelding eis van My vyande!
- 25 Ek sal ook My hand teen jou draai en jou afsaksels soos loog uitsmelt en al jou onsuiverheid verwyder.
- 26 Dan sal Ek jou registers soos vroeër herstel en jou raadgewers soos in die begin; daarna sal jy die stad van onpartydige opregtheid genoem word; 'n getroue stad.
- 27 Tziyon sal losgekoop word deur regverdigheid en die van haar wat omdraai, deur onpartydige opregtheid,
- 28 maar wetteloses en sondaars sal saam vergruis word en die wat יהוה verlaat, sal tot 'n einde kom. ^{Yeg 20:38}
- 29 Sekerlik sal hulle verneder word deur die eikebome (afgode) wat hulle aanbid het en hulle sal verleë wees oor die tuine wat hulle gekies het,
- 30 want hulle sal wees soos 'n eikeboom waarvan die blare wegwyn, of soos 'n tuin wat geen water het nie.
- 31 Hulle sterkte sal wees soos was, hulle werke soos die pit en hulle sal saam brand as een en daar is niemand wat hulle sal uitblus nie.'"

2 1 Die boodskap wat Yesha'yahu, die seun van Amotz, gesien het met betrekking tot Y'udah en Yerushalayim.

2 Dit sal gebeur dat in die laaste dae die berg van die huis van יהוה vasgestel sal word as die hoof van die berge en opgelig sal word bo die heuwels en al die nasies sal daarheen stroom.

3 Baie volke sal kom en sê: "Kom, laat ons opgaan na die berg van יהוה, na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons kan leer aangaande Sy paaie en dat ons in Sy paaie kan loop," want die wet sal uitgaan vanuit Tziyon en die woord van יהוה vanuit Yerushalayim. ^{Gen 49:10; Yes 3:1; Mik 4:1,2}

4 Hy sal oordeel tussen die nasies en besluite gee oor baie volke en hulle sal hul swaarde tot ploegskare smee en hul spiese tot snoeimesse. Nasie sal nie meer die swaard oplig teen nasie nie en hulle sal nooit weer oorlog leer maak nie.

5 Kom, huis van Ya'akov en laat ons loop in die Lig van יהוה,

6 want U het U volk verwerp, die huis van Ya'akov omdat hulle, soos die F'lishtyne, vol invloede van die ooste is, waarsêers is en ooreenkomste met die seuns van vreemdes maak.

7 Hulle land is vol gemaak met silwer en goud en daar is geen einde aan hulle skatte nie; hulle land is ook vol perde gemaak en daar is geen einde aan hulle strydwaens nie. ^{Deut 17:16; Yes 31:1,3}

- 8 Hulle land is ook vol afgode gemaak; hulle buig neer voor die werk van hul hande, dit wat hulle vingers gemaak het.
- 9 Die gewone mens is nederig gemaak en die belangrike man verneder; vergewe hulle daarom nie.
- 10 Gaan in die rots in en kruip weg in die grond vir die verskrikking van יהוה en vir die grootheid van Sy majesteit.
- 11 Die trotse kyk van die mens sal verneder word en die hoogheid van die mens nederig gemaak word en יהוה alleen sal in dié dag verhoog word,
- 12 want יהוה-Tzva'ot sal 'n dag van rekenskap hê vir elkeen wat trots en hoogmoedig is sodat hy verneder kan word; teen elkeen wat verhewe is ^{Open 6:17}
- 13 en teen al die hoë en verhewe seders van die L'vanon en oor al die eikebome van Bashan;
- 14 teen al die hoë berge en teen al die verhewe heuwels;
- 15 teen elke hoë toring, teen elke versterkte muur;
- 16 teen al die skepe van Tarshish en teen al die mooi handewerk.
- 17 Die trots van die mens sal nederig gemaak word en die hoogmoed van die mens afgebring word en יהוה alleen sal in dié dag opgelig word,
- 18 maar die afgode sal geheel en al verdwyn.
- 19 Die mens sal in grotte van die rotse en in gate van die grond ingaan voor die verskrikking van יהוה en die grootheid van Sy majesteit, wanneer Hy opstaan om die aarde te laat bewe.
- 20 In dié dag sal die mens sy afgode van silwer en sy afgode van goud, wat hulle vir hulself gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise,
- 21 om in te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse voor die verskrikking van יהוה en die grootheid van Sy majesteit, wanneer Hy opstaan om die aarde te laat bewe.
- 22 Hou op om die mens te ag, wie se asem in sy neus is (om haastig te wees), want van watter waarde is hy?
- 3** 1 Let op, die Meester יהוה-Tzva'ot sal beide die voorsiening en die ondersteuning (stok en die staf) ^{Ps 23:4} uit Yerushalayim en Y'hudah verwyder; die ganse voorsiening van brood en die ganse voorsiening van water; ^{Gen 49:10; Yes 2:3}
- 2 die magtige man en die krygsman, die regter en die profeet, die waarsêer en die oudste,
- 3 die bevelvoerder oor vyftig en die eerbare man, die raadsman en die meester ambagsman en die ervare besweerder.
- 4 Ek sal seuns aanstel as hulle prinse en moedswillige seuns sal oor hulle heers.
- 5 Die mense sal onderdruk word, elkeen deur 'n ander en elkeen deur sy naaste; die jeug sal teen die oueres en die ondergeskiktes teen die eerbares aanstorm.
- 6 Wanneer 'n man sy broer in die huis van sy vader gryp en sê: "Jy het 'n kleed, jy moet ons heerser wees en hierdie puinhoop regeer,"
- 7 dan sal hy in dié dag protesteer en sê: "Ek sal nie julle leier wees nie, want in my huis is daar geen brood of kleed nie; julle kan my nie aanstel as heerser oor die mense nie,"

- 8 want Yerushalayim het gestruik en Y'udah het geval, want hulle gepraat en hulle dade is teen יהוה, om teen Sy verhoogde Teenwoordigheid te rebelleer.
- 9 Die uitdrukking van hulle gesigte getuig teen hulle en hulle vertoon hulle sonde soos S'dom; hulle steek dit nie eens weg nie. Wee hulle, want hulle het boosheid op hulleself gebring!
- 10 Sê vir die regverdiges dat dit met hulle goed sal gaan, want hulle sal die vrug van hul dade eet.
- 11 Wee die oortreder van die wet! Met hom sal dit sleg gaan, want wat hy verdien, sal aan hom gedoen word.
- 12 O My volk! Die onderdrukkers is kinders en vroue heers oor julle. O My volk! Die wat jou lei, lei jou op 'n dwaalspoor en verwar die rigting van jou pad.
- 13 יהוה staan op om teë te staan en staan om die mense te oordeel.
- 14 יהוה tree in oordeel met die oudstes en prinse van Sy volk: "Dit is julle wat die wingerd verteer het; wat van die armes geplunder is, is in julle huise.
- 15 Wat bedoel julle dat julle My volk vertrap en die gesig van die armes vergruis?" verklaar die Meester, יהוה-Tzva'ot.
- 16 Verder het יהוה gesê: "Omdat die dogters van Tziyon trots is en met hulle koppe hooggehou en met verleidende oë loop en wegstap met trippelgang en die ringe aan hulle voete laat rinkel en so vir יהוה uittart,
- 17 sal יהוה die skedel van die dogters van Tziyon met skurfheid slaan en יהוה sal hulle voorkoppe kaal maak."
- 18 In dié dag sal יהוה die mooiheid van voetringe, kopbande en maanornamente,
- 19 hangende oorringe, armbande, sluiers,
- 20 kopversiersels, enkelkettings, serpe, reukdosies, gelukbringers,
- 21 vingerringe, neusringe,
- 22 feesklere, oormantels, jasse, geldsakkies,
- 23 handspieëltjies, onderklere, tulbande en gesigdoeke wegvat.
- 24 Nou sal dit gebeur dat in plaas van soet reukwater daar 'n stank sal wees; in plaas van 'n gordel, 'n tou; in plaas van opgedoende hare, 'n uitgeplukte kopvel; in plaas van fyn klere, 'n roukleed met brandmerke; in plaas van mooiheid, skaamte.
- 25 Jou manne sal deur die swaard val en jou magtiges in die geveg.
- 26 Haar poorte sal kla en treur en sy sal verlate op die grond sit.
- 4** 1 In dié dag sal sewe vroue een man gryp en sê: "Ons sal ons eie brood eet en ons eie klere aantrek, laat ons net by jou naam genoem word; vat ons skande weg."
- 2 In dié dag sal die Spruit van יהוה mooi en tot eer en lof wees en die vrug van die aarde sal die trots en versiering van die oorgeblewenes van Yisra'el wees.
- 3 Dit sal gebeur dat hy wat in Tziyon oor is en agterbly in Yerushalayim, afgesonderd genoem sal word; elkeen wat opgeteken is en lewe in Yerushalayim.
- 4 Wanneer יהוה die vuilheid van die dogters van Tziyon afgewas en die bloedvergieting van Yerushalayim uit haar uitgespoel het, deur die Gees van oordeel en die Gees van suiwering,

- 5 dan sal יְהוָה oor die hele area van die berg Tziyon en oor haar bymekaarkomplekke bedags 'n wolk en rook skep en die helderheid van 'n brandende vuur in die nag, want die grootsheid van יְהוָה sal 'n beskutting oor alles wees.
- 6 Daar sal 'n bedekking wees om skadu bedags te gee teen die hitte en vir 'n skuilplek en beskerming teen die storm en die reën.
- 5** 1 Nou sal ek vir my Beminde 'n lied van my Beminde aangaande Sy wingerd sing! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.
- 2 Hy het dit rondom omgespit, die klippe uitgehaal en die keur van wingerdstokke daar geplant. Hy het 'n toring in die middel daarvan gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekapt. Toe het Hy verwag dat dit duiwe sou dra, maar dit het slegs wilde duiwe voortgebring.
- 3 Nou, inwoners van Yerushalayim en manne van Y'hudah, oordeel tussen My en My wingerd.
- 4 Wat was daar meer om te doen vir My wingerd wat Ek nie daarin gedoen het nie? Waarom, toe Ek verwag het dat dit duiwe sou dra, het dit wilde duiwe voortgebring?
- 5 Laat My julle nou vertel wat Ek met My wingerd gaan doen: Ek sal sy omheining verwyder en dit sal verteer word; Ek sal sy muur afbreek en dit sal vertrapte grond word.
- 6 Ek sal dit verlate maak; dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar dorings en distels sal daarin opkom. Ek sal ook die wolke beveel om geen reën daarop te laat reën nie,
- 7 want die wingerd van יְהוָה-Tzva'ot is die huis van Yisra'el en die manne van Y'hudah Sy genotvolle plant. So het Hy uitgekyk vir regverdige oordeel, maar let op, bloedvergieting; vir onpartydige opregtheid, maar let op, 'n uitroep van nood!
- 8 Wee hulle wat die grense tussen huise oortree, wat die landmerke tussen die landerye verwyder om die land te steel sodat julle alleen op die aarde kan leef. ^{Deut 19:14; Mik 2:2}
- 9 In my ore het יְהוָה-Tzva'ot gepraat: "Sekerlik sal baie huise verlate word, grotes en mooies, sonder inwoner,
- 10 want tien morg wingerd sal een bat oplewer en 'n homer saad sal 'n efa graan lewer."
- 11 Wee hulle wat vroeg in die oggend opstaan om sterk drank na te jaag, wat in die nag láát opbly sodat wyn hulle kan opwarm.
- 12 Hulle fees-etes is met lier en harp, tamboeryn, fluit en wyn, maar hulle gee nie aandag aan die dade van יְהוָה nie en die werk van Sy hande oorweeg hulle nie;
- 13 daarom gaan My volk in ballingskap weens hulle gebrek aan kennis, hulle eerbares ly honger en hulle menigte droog uit van die dors.
- 14 Sh'ol het daarom sy keel vergroot en sy mond oopgemaak sonder maat en Yerushalayim se prag, haar menigte, haar luidrugtigheid en die uitgelatenes, sink daarin weg.
- 15 So word die gewone man nederig gemaak en die belangrike man verneder, die oë van die trotse mense sal ook verneder word,

- 16 maar יְהוָה-Tzva'ot sal opgelig word in oordeel en die Afgesonderde God sal Homself Afgesonderd wys in onpartydige opregtheid.
- 17 Dan sal die lammers, soos hulle gewoon was, op hulle weiveld wei en die puinhope wat herbou sal word sal die eiendom van hulle regmatige eienaars wees.
- 18 Wee hulle wat die oortredinge van die wet saamsleep met koorde van valsheid en die sonde asof met wa-toue;
- 19 wat sê: "Laat Hy gou maak, laat Hy Sy werk verhaas sodat ons dit kan sien! Laat die doel van die Afgesonderde van Yisra'el naderkom en gebeur sodat ons dit kan ken!"
- 20 Wee hulle wat boosheid goed noem en goedheid boos; wat die duisternis plaas in die plek van lig en die lig in die plek van duisternis; wat bitter vervang met soet en soet met bitter.
- 21 Wee hulle wat wys is in hulle eie oë en slim is na eie oordeel.
- 22 Wee hulle wat helde is deur wyn te drink en dapper manne is deur sterk drank te meng;
- 23 wat die bose oortreder onskuldig verklaar vir 'n omkoopgeskenk en die reg van die een wat onskuldig is, wegvat;
- 24 daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmeekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle bloeisel soos stof wegwaai omdat hulle die wet van יְהוָה-Tzva'ot verwerp het en die woord van die Afgesonderde van Yisra'el verag het.
- 25 Om hierdie rede het die woede van יְהוָה gebrand teen Sy volk en het Hy Sy hand teen hulle uitgesteek en hulle neergeslaan en die berge het gebewe en hulle lyke het soos vullis in die middel van die strate gelê. Na dit alles is Sy woede nie uitgewoed nie, maar is Sy hand nog uitgesteek.
- 26 Hy sal 'n banier ophang vir die nasies van ver en vir hulle fluit vanaf die einde van die aarde en let op, hulle sal gou, met spoed, kom.
- 27 Nie een van hulle is moeg of struikel nie, nie een sluimer of slaap nie, of het die gordel van hulle heupe losgemaak of die riem van hulle skoene gebreek nie.
- 28 Hulle pyle is skerp en hulle boë gespan; die pote van hulle perde is soos 'n vuursteen en hulle wiele soos 'n warrelwind.
- 29 Hulle gebrul is soos dié van 'n leeuwyfie, hulle brul soos jong leeus; dit grom as hy die prooi gryp en wegsleep sonder dat iemand dit red.
- 30 Dit sal in dié dag daarvoor grom soos die gedreun van die see. As iemand na die aarde kyk, let op, daar is duisternis en benoudheid; selfs die lig is verduister deur dik duisternis.
- 6** 1 In die jaar van koning 'Uziyahu se dood het ek יְהוָה sien sit op 'n hoë en verhewe troon terwyl die sleep van Sy kleed die tempel vul.
- 2 Serafs het bo Hom gestaan; elkeen met ses vlerke: met twee het hy sy gesig bedek, met twee het hy sy voete bedek en met twee het hy gevlieg.
- 3 Een het na 'n ander geroep en gesê: "Afgesonderd, afgesonderd, afgesonderd is יְהוָה-Tzva'ot. Die hele aarde is vol van Sy lof, eer en waarde!"

- 4 Die fondasies van die drumpels het gebewe deur die stem van hom wat uitgeroep het terwyl die tempel vol rook geword het.
- 5 Toe het ek gesê: “Wee my, ek is vernietig, want ek is ’n man van onrein lippe en ek woon onder ’n volk van onrein lippe en my oë het יהוה -Tzva’ot, die Koning, gesien!”
- 6 Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met ’n brandende kooltjie in sy hand, wat hy met ’n tang van die altaar afgehaal het.
- 7 Hy het my mond aangeraak en gesê: “Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde is vergewe.”
- 8 Toe hoor ek die stem van יהוה sê: “Wie sal Ek stuur en wie sal vir Ons gaan?” Toe antwoord ek: “Hier is ek, stuur my.”
- 9 Hy het gesê: “Gaan en sê vir hierdie volk: ‘Hou aan luister, maar begryp nie; hou aan kyk, maar verstaan nie.’”
Deut 29:3,4; Yes 29:10; Yeg 12:2; Mar 4:10-12; Luk 8:10; Hand 28:26,27; Rom 11:8
- 10 Die verstand, wil en emosie van hierdie volk het onsensitief geword, hulle ore dig en hulle oë dof sodat hulle nie met hul oë kan sien of met hulle ore kan hoor of met hul verstand, wil en emosie kan verstaan en terugdraai nie en ook word hulle nie vrygespreek nie.”
- 11 Toe vra ek: “יהוה hoe lank?” Hy antwoord: “Totdat die stede verwoes lê sonder inwoners, die huise sonder mense en die land heeltemal verlate is
- 12 en יהוה die mense ver verwyder het en die verlate plekke in die land baie is.
- 13 Tog sal daar ’n tiende deel daarin oorbly en dit sal weer onderwerp wees aan verbranding, soos ’n terpentynboom of ’n eikeboom, wat ’n stomp oorhou wanneer dit afgekap word. Die afgesonderde saad is sy oorsprong.”
- 7** 1 Dit het in die dae van Agaz, die seun van Yotam, die seun van `Uziyahu, koning van Y’hudah gebeur dat Retzin, koning van Aram en Pekag, die seun van Remalyah, koning van Yisra’el, opgegaan het na Yerushalayim om daarteen oorlog te maak, maar dit nie kon oorwin nie. 2 Kon 16:5-20; 2 Kro 28:5-27
- 2 Toe dit aan die huis van Dawid gerapporteer en gesê is: “Die Arameërs het in Efrayim gekamp,” het sy binneste en die binneste van sy mense geskud soos die bome van die bos skud met die wind.
- 3 יהוה het vir Yesha’yahu gesê: “Gaan nou uit na die einde van die watervoor van die boonste poel, by die hoofpad na die wasser se veld, om Agaz te ontmoet, jy en jou seun, Sh’ar Yashuv
- 4 en sê vir hom: “Wees versigtig en wees kalm; wees nie bevrees en moenie lafhartig wees oor hierdie twee rokende stompe brandhout of as gevolg van die gloeiende woede van Retzin, Aram en van die seun van Remalyah nie
- 5 omdat Aram, met Efrayim en die seun van Remalyah, boosheid teen jou beplan en gesê het:
- 6 ‘Laat ons opgaan teen Y’hudah en dit terroriseer en vir onself ’n gat in sy mure maak en die seun van Tav’el koning maak in sy midde,’ nie.
- 7 So sê die Meester, יהוה: ‘Dit sal nie staan nie en ook nie gebeur nie,
- 8 want die hoof van Aram is Dammesek en die hoof van Dammesek is Retzin; binne vyf en sestig jaar sal Efrayim vermorsel word sodat dit nie meer ’n volk is nie

- 9 en die hoof van Efrayim is Shomron en die hoof van Shomron is die seun van Remalyah. As julle nie vertrou nie, sal julle sekerlik nie voortgaan nie!”
- 10 Toe het יהוה weer met Agaz gepraat en gesê:
- 11 “Vra vir jouself ’n teken van יהוה, jou God; maak dit diep soos Sh’ol of hoog soos die hemel.”
- 12 Agaz het egter geantwoord: “Ek sal nie vra of יהוה toets nie.”
- 13 Toe sê hy: “Luister nou, o huis van Dawid! Is dit ’n te klein saak vir julle om mense se geduld te beproef sodat julle die geduld van my God ook beproef?
- 14 יהוה sal daarom self aan julle ’n teken gee: let op, ’n maagd sal swanger word en geboorte gee aan ’n seun en sy sal Sy Naam (Karakter en Outoriteit) ‘Immanu’el noem. Mat 1:23
- 15 Hy sal dikmelk en heuning eet teen die tyd dat Hy sal weet hoe om die bose te weier en om die goeie te kies,
- 16 want voordat die Seun sal weet hoe om die bose te weier en die goeie te kies, sal die land voor wie se twee konings jy lastig geval word, verlate wees.
- 17 יהוה sal oor jou, jou volk en die huis van jou vader sulke dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat die koning van Ashur Efrayim van Y’hudah afgeskei het nie!
- 18 In dié dag sal יהוה vir die vlieë fluit wat aan die verste einde van die strome van Mitzrayim is en vir die bye wat in die land van Ashur is.
- 19 Hulle sal kom en gaan sit op die steil klowe, op die lysies van die kranse en op al die doringbosse en op al die drinkplekke.
- 20 In dié dag sal יהוה met ’n skerp skeermes die anderkant van die Eufraat, deur die koning van Ashur, die kop en die beenhare skeer en hy sal ook die baard afskeer.
- 21 In daardie dag mag ’n man ’n jong koei en ’n paar skape aan die lewe hou
- 22 en weens die oorfloed van melk wat hulle lewer, sal hy dikmelk eet, want almal wat in die land oorgebly het sal dikmelk en heuning eet.
- 23 Dit sal gebeur in daardie dag dat op elke plek waar daar ’n duisend wingerdstokke was, met die waarde van ’n duisend sikkels silwer, dorings en distels sal kom.
- 24 Met pyl en boog sal hulle daarheen kom, want die hele land sal vol dorings en distels wees.
- 25 Al die heuwels wat met die skoffelpik bewerk is, sal jy nie na toe gaan nie, uit vrees vir dorings en distels, maar dit sal ’n plek word om beeste te laat wei en vir kleinvee om te vertrap.”
- 8 1 Toe het יהוה vir my gesê: “Vat vir jou ’n groot tablet en skryf daarop met gewone letters: ‘Vinnig kom die buit, gou is die prooi. (Maher-Shalal-Hash-Baz.)’”
- 2 Ek het vir myself betroubare getuies geneem as getuies: Uriyah, die priester en Z’kharyah, die seun van Y’vekyah.
- 3 Ek het na die profetes gekom en sy het swanger geword en geboorte gegee aan ’n seun. Toe het יהוה vir my gesê: “Noem hom: ‘Maher-Shalal-Hash-Baz,’
- 4 want voordat die seun sal weet hoe om uit te roep: ‘My vader!’ of: ‘My moeder,’ sal die rykdom van Dammesek en die buit van Shomron voor die koning van Ashur weggedra word.” 2 Kon 17-18:12; Yes 9:8

- 5 Weer het יהוה verder met my gepraat en gesê:
- 6 “In soverre hierdie volk die rustig vloeiende waters van Shiloah verwerp het en hulle verheug in Retzin en die seun van Remalyah;
- 7 daarom, let op, יהוה is op die punt om die sterk en oorfloedige waters van die Eufraat oor hulle te laat kom; die koning van Ashur en al sy lof en eer en dit sal bo-oor al sy kanale opstyg en oor al sy walle gaan.
- 8 Dan sal dit voortstroom in Y'hudah in, dit sal oorstroom en deur gaan; dit sal selfs tot by die nek kom en die uitsprei van sy vlerke sal die breedte van U land vul, o, God wat by ons is! (‘Immanu’el) Eks 29:45,46; 2 Kon 18:13-; Yes 10:11; Yeg 47
- 9 Bewe, o volke en word stukkend geslaan; luister, julle vanaf die ver plekke van die aarde: omgord julleself en word verslaan.
- 10 Maak ’n plan en dit sal verydel word; maak ’n voorstel, maar dit sal nie staan nie, want God is by ons (‘Immanu’el)!” Eks 29:45,46; Open 21:3
- 11 Want so het יהוה met my gepraat; met magtige krag vir my instruksie gegee om nie te loop op die pad van hierdie volk nie en gesê:
- 12 “Julle moenie sê: ‘’n Sameswering’ vir alles wat hierdie volk ’n sameswering noem nie en julle moenie bang wees waarvoor hulle bang is, of daarvoor vrees nie.
- 13 יהוה-Tzva’ot, Hom moet julle as Afgesonderd beskou; Hy is julle God en Hy is julle Helper!
- 14 Dan sal Hy ’n Toevlugsoord wees; asook ’n Klip om mee te slaan en ’n Rots om oor te struikel Mat 11:5,6; 1 Kefa 2:7,8; Rom 9:32 vir beide die huise van Yisra’el en ’n Vangnet en ’n Strik vir die inwoners van Yerushalayim.
- 15 Baie sal oor dit struikel, dan sal hulle val en stukkend wees; hulle sal selfs verstriek en gevang word.
- 16 Bind die getuienis toe, seël die wet tussen My studentevolgelinge.”
- 17 Ek sal wag op יהוה, wat Sy gesig verberg vir die huis van Ya’akov; ek sal selfs gretiglik na Hom soek.
- 18 Let op, ek en die seuns wat יהוה my gegee het, is as tekens en wonders in Yisra’el, vanaf יהוה-Tzva’ot wat op die berg Tziyon bly. Heb 2:13
- 19 Wanneer hulle vir julle sê: “Raadpleeg die mediums en die spiritiste wat fluister en mompel;” sulke mense is nie God se volk nie, hulle wat die dooies namens die lewendes raadpleeg. Lev 19:31; Deut 18:11
- 20 Wat die wet en die getuienis betref, as hulle nie praat volgens hierdie woord nie, is dit omdat hulle geen omkoopgeskenk daarvoor ontvang het nie.
- 21 Hulle sal deur die land trek, beswaard en honger en dit sal wees dat wanneer hulle honger het, hulle woedend sal wees en hulle koning en hulle God sal vloek en hoogmoedig sal wees.
- 22 Dan sal hulle na die aarde kyk en let op, nood, duisternis en die onheil van benoudheid sal hulle verstrooi, maar Hy sal hom wat in verdrukking is nie teister soos vroeër nie.

- 9 1 Die land van Z'vulun en die land van Naftali het hulle verheug, die magtige outoriteit, die pad deur die see, die land aan die anderkant van die Yarden, Galil van die ander nasies, het hul verheug. ^{Mat 4:15}
- 2 Die volk wat in duisternis loop, het 'n groot Lig gesien; dié wat leef in die land van die skaduwee van die dood, op hulle het die Lig geskyn. ^{Mat 4:16; Yog 8:12}
- 3 U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde vermeerder; hulle was vrolik in U Teenwoordigheid, soos met die vrolikheid van oestyd, soos mense in die rondte swaai van vreugde as hulle die buit verdeel,
- 4 want U het die juk van hulle las, die staf op hulle skouers, die lat van hulle onderdrukker, soos met die geveg van Midyan, verbreek,
- 5 want elke stem wat gehoor word, bring verskrikking en klere wat in bloed gerol is, maar dit sal wees om te verbrand; brandstof vir die vuur,
- 6 want 'n jong Seun is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) word genoem: Wonderlike Raadgewer, Magtige Krygsman, Ewige Prins van Vrede.
- 7 Daar sal geen einde wees aan die vermeerdering van Sy regering en van Sy vrede, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit in stand te hou met regverdigheid en onpartydige opregtheid, van toe af aan en vir ewig, nie. Die ywer van יהוה -Tzva'ot sal dit uitvoer. ^{Hand 1:6; Heb 1:8}
- 8 יהוה stuur 'n boodskap teen Ya'akov en dit val op Yisra'el.
- 9 Al die mense weet dit; Efrayim en die inwoners van Shomron, wat in trotsheid en arrogansie van verstand, wil en emosie verklaar:
- 10 "Die bakstene het geval, maar ons sal met gladde klip bou; die wilde vyebome is afgekap, maar ons sal hulle met seders vervang;"
- 11 daarom laat יהוה Retzin se teëstanders teen hulle opstaan en hits Hy hulle vyande aan:
- 12 die Arameërs van die ooste en die F'lishtyne van die weste; hulle verteer Yisra'el met gapende kake. Ondanks dit alles, draai Sy woede nie weg nie en is Sy hand steeds uitgestrek.
- 13 Nogtans draai die volk nie terug na Hom wat hulle slaan, of soek hulle יהוה -Tzva'ot nie;
- 14 daarom sny יהוה kop en stert van Yisra'el af, palmtak en biesie op een dag.
- 15 Die kop is die oudste en eerbare man en die stert is dié profeet wat leuens profeteer.
- 16 Dié wat hierdie volk lei, sal hulle wetteloos maak en dié wat deur hulle gelei word, sal laag afgebring word; ^{Hos 4:5}
- 17 daarom het יהוה geen vreugde in hulle jongmanne, of is Hy jammer vir hulle weeskinders of hulle weduwees nie, want elkeen van hulle is 'n toneelspeler van 'n vals karakter en 'n boosdoener en elke mond praat dwaasheid. Ondanks dit alles draai Sy woede nie weg nie en Sy hand is steeds uitgestrek,
- 18 want wetteloosheid brand soos 'n vuur; dit verteer doringe en distels en steek selfs die digste dele van die woud aan die brand; die wat gekies is, sal opwaarts gaan soos die opstyging van rook.

- 19 Deur die woede van **יְהוָה**-Tzva'ot word die land opgebrand en die volk is soos brandstof vir die vuur; nie een man spaar sy broer nie.
- 20 Hulle sny af na regs en is honger; hulle eet na links en word nie versadig nie; elkeen eet die vlees van sy eie arm.
- 21 M'nasheh vir Efrayim en Efrayim vir M'nasheh en saam is hulle teen Y'hudah. Ondanks dit alles draai Sy woede nie weg nie en Sy hand is steeds uitgestrek.

- 10** 1 Wee hulle wat bose instellings afdwing en hulle wat aanhoudend onregverdige wette neerskryf,
- 2 om die armes van regverdigheid te ontnem en om die armes onder My volk van die reg te beroof sodat die weduwees hulle buit kan word en hulle die weeskinders kan plunder.
- 3 Nou wat sal julle doen op die dag van straf en by die verwoesting wat van ver af sal kom? Na wie toe sal julle vlug vir hulp en waar sal julle jul rykdom los?
- 4 Daar is niks oor as om te buig tussen die gevangenes of te val tussen die wat doodgeslaan is nie. Ondanks dit alles draai Sy woede nie weg nie en Sy hand is steeds uitgestrek.
- 5 Wee Ashur: die lat van My woede en die staf in wie se hande My verontwaardiging is! ^{2 Kon 17:20-41}
- 6 Ek stuur hom teen 'n wettelose nasie en gee hom bevel teen die volk van My woede, om buit te vang en plunder te gryp en om hulle te vertrap soos modder in die strate.
- 7 Tog is dit nie so bedoel nie, of so in sy verstand, wil en emosie beplan nie, maar is dit eerder om te vernietig en baie nasies af te sny,
- 8 want hy sê: "Is my prinse nie almal konings nie?"
- 9 Is Kalno nie soos Kark'mish, of Hamat soos Arpad, of Shomron soos Dammesek nie?
- 10 Soos my hand die koninkryke van die afgode bereik het, wie se gesnede beelde groter as dié van Yerushalayim en Shomron was,
- 11 sal ek nie aan Yerushalayim en sy afgode doen soos wat ek aan Shomron en sy afgode gedoen het nie?"
- 12 So sal dit wees, wanneer **יְהוָה** al Sy werk op die berg Tziyon en in Yerushalayim voltooi het: "Ek sal die vrug van die arrogante verstand, wil en emosie van Ashur se koning straf en die prag en praal van sy hoogmoedigheid,
- 13 want hy het gesê: 'Deur die krag van my hand en deur my wysheid het ek dit gedoen, want ek het begrip en ek het die grense van die volke verwyder en hulle skatte geplunder en soos 'n magtige man het ek hulle inwoners neergegooi
- 14 en my hand het na die rykdom van die volke uitgereik soos na 'n nes en ék het die hele aarde bymekaargemaak soos 'n mens verlate eiers bymekaarmaak en daar was niemand wat sy vlerk geklap of sy bek oopgemaak of getjirp het nie." ^{2 Kon 19:20-37}
- 15 Kan die byl hom beroem bo die een wat daarmee kap, of die saag homself verhef bo die een wat dit trek? Asof 'n knuppel hulle swaai wat hom oplik, asof 'n lat hóm oplik wat nie hout is nie!

- 16 Die Meester, יְהוָה -Tzva'ot, sal daarom 'n wegvretende siekte stuur onder sy dapper soldate en onder sy lof en eer sal Hy 'n brand aansteek soos 'n brandende vlam.
- 17 Die Lig van Yisra'el sal 'n vuur word en Sy Afgesonderde Een 'n vlam; dit sal brand en sy distels en sy dorings in 'n enkele dag verteer. ^{Luk 12:49}
- 18 Hy sal ook die lof en eer van sy woud en van sy vrugbare velde vernietig, beide lewe en liggaam en dit sal wees soos wanneer 'n siek man weggwyn.
- 19 Die res van die bome van sy woud sal so min in getal wees dat 'n kind dit kan opskryf.
- 20 In dié dag sal die wat oorgebly het van Yisra'el en die wat ontvlug het van die huis van Ya'akov, nooit weer steun op die een wat hulle geslaan het nie, maar hulle sal in waarheid steun op יְהוָה, die Afgesonderde Een van Yisra'el.
- 21 Die wat oorbly, die wat oorbly van Ya'akov, sal terugkom na die Magtige God,
- 22 want al mag jou mense, o Yisra'el, wees soos die sand van die see, sal net 'n deeltjie van hulle, wat oorbly, terugkom; ^{Yeg 20:38} hulle getalle verminder, afgesny, maar oorlopend vol onpartydige opregtheid, ^{Rom 9:28}
- 23 want 'n volkome verwoesting, een wat beveel is, sal die Meester, יְהוָה -Tzva'ot, uitvoer reg deur die hele aarde;
- 24 daarom, so sê die Meester, יְהוָה -Tzva'ot: "O, My volk wat in Tziyon bly, moenie vir Ashur vrees wat jou met die lat slaan en sy staf teen jou oplig op die manier wat Mitzrayim gedoen het nie,
- 25 want in 'n baie kort rukkie sal My verontwaardiging verby wees en My woede as gevolg van hulle vernietiging."
- 26 יְהוָה -Tzva'ot sal 'n gésel teen hom oplig soos met die slagting van Midyan by die rots van 'Orev en Sy staf sal oor die see wees en Hy sal dit oplig op die manier wat Hy in Mitzrayim gedoen het.
- 27 So sal dit wees in dié dag dat sy las verwyder sal word van jou skouer af en sy juk van jou nek en die juk sal vernietig word as gevolg van jou salwing.
- 28 Hy het teen 'Ayat gekom; hy het deur Migron getrek; by Mikhmas het hy sy bagasie neergesit.
- 29 Hulle het deur die pas gegaan en gesê: "Geva sal ons blyplek wees!" Ramah is vreesbevange en Giv'at van Sha'ul het weggevlug.
- 30 Skreeu dit hard uit met jou stem, o Bat-Gallim! Gee aandag, Layish en arme 'Anatot!
- 31 Madmenah het gevlug, die inwoners van Gevim het skuiling gesoek!
- 32 Vandag nog sal hy stop in Nov; hy swaai sy vuur teen die berg van die dogter van Tziyon, teen die heuwel van Yerushalayim!
- 33 Let op, die Meester, יְהוָה -Tzva'ot, slaan met 'n verskriklike slag die takke af, ook dié wat hoog van postuur is, sal afgekap word en die wat hoogmoedig is, sal verneder word.
- 34 Hy sal die digtheid van die woud met 'n yster afkap en die L'vanon sal val deur die Magtige Een.
- 11** 1 Dan sal 'n Loot ^{Mat 2:23} uitspruit uit die stomp van Yishai en 'n Tak vanuit sy wortels sal vrugte dra. ^{Open 5:5}

- 2 Die Gees van יהוה sal op Hom rus, die Gees van wysheid ^{Luk 2:52} en begrip, die Gees van raad en krag, die Gees van kennis en die respekvolle vrees van יהוה. ^{Open 4:5}
- 3 Hy sal Hom verheug in die respekvolle vrees van יהוה en Hy sal nie oordeel deur wat Sy oë sien nie en ook nie 'n besluit maak deur wat Sy ore hoor nie,
- 4 maar die armes met onpartydige opregtheid oordeel en met regverdigheid besluit namens die geteisterdes van die aarde en Hy sal die aarde slaan met die lat van Sy mond en met die asem van Sy lippe sal Hy die bose oortreder doodsla. ^{Open 19:11}
- 5 Ook sal onpartydige opregtheid die gordel om Sy lendene wees en vertrouenswaardigheid die gordel om Sy heupe. ^{1 Kef 1:13; Efe 6:14}
- 6 Die wolf sal by die lam bly, die luiperd sal by die jong bokkie gaan lê, die kalf, die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar en 'n klein seuntjie sal hulle lei.
- 7 Die koei en die wyfie beer sal ook wei, hulle jonges sal saam lê en die leeu sal strooi eet soos die os.
- 8 Die suigeling sal by die gat van 'n kobra speel en die gespeende kind sal sy hand sit op die adder se nes. ^{Yes 65:25}
- 9 Hulle sal nie seermaak of vernietig op My volkome afgesonderde berg nie, want die aarde sal vol wees van die kennis van יהוה soos die waters die see bedek.
- 10 Dan, in daardie dag, sal die nasies hulle toevlug neem na die Wortel van Yishai, wat sal staan as 'n Banier vir die volke en Sy rusplek sal wonderlik wees. ^{Mat 2:23;}
- Hand 3:21; Rom 15:12
- 11 Dan sal dit gebeur op daardie dag dat יהוה weer vir die tweede keer met Sy hand, dié wat oorbly van Sy volk, vanuit Ashur, Mitzrayim, Patros, Kush, 'Eilam, Shin'ar, Hamat en die eilande van die see, sal terugwen.
- 12 Hy sal 'n banier ophang vir die nasies, die uitgebendes van Yisra'el laat vergader en die verstrooides van Y'hudah bymekaarmaak uit die vier hoeke van die aarde.
- 13 Dan sal die jaloesie van Efrayim verdwyn en die wat Y'hudah lastig val sal afgesny word; Efrayim sal nie jaloers wees op Y'hudah nie en Y'hudah sal Efrayim nie lastig val nie.
- 14 Hulle sal afsweef op die hange van die F'lishtyne aan die weste; saam sal hulle die seuns van die Ooste plunder; hulle sal Edom en Mo'av ^{Deut 2:5,9} besit en die seuns van 'Ammon ^{Deut 2:19} sal aan hulle onderdanig wees.
- 15 יהוה sal die seetong van Mitzrayim heeltemal vernietig en Hy sal Sy hand oor die Rivier swaai met Sy skroeiende wind en dit uitmekaar slaan tot sewe strome en mense droog laat oorloop.
- 16 Daar sal 'n hoofpad wees vir die oorblywendes van Sy volk wat oorbly uit Ashur, net soos daar was vir Yisra'el op die dag toe hulle uit Mitzrayim uit opgekom het.
- 12** 1 Dan sal jy op daardie dag sê:
 "Ek sal U dank, יהוה, want alhoewel U kwaad was vir my, is U woede weggedraai en U vertrou my.
- 2 Let op, die Magtige God is my Verlossing, ek sal vertrou en nie bang wees nie, want Yah, יהוה, is my Krag en my Loflied en Hy het my Verlossing geword."
- 3 Julle sal daarom met vreugde water skep uit die fonteine van verlossing. ^{Yog 7:37,38}

- 4 In dié dag sal julle sê: “Gee dank aan יהוה, roep Sy Naam aan, maak Sy dade onder die volke bekend, laat hulle onthou dat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) hoog opgelig is!
- 5 Lofprys יהוה deur sang, want Hy het uitstekende dinge gedoen; laat dit bekend wees regdeur die aarde.
- 6 Jubel en skree uit van vreugde, o inwoners van Tziyon, want die Afgesonderde van Yisra'el is groot in julle midde.”
- 13** 1 Die profetiese gesig wat Yesha'yahu, die seun van Amotz, aangaande Bavel gesien het:
- 2 Lig 'n banier op die kaal berg op; roep hulle hardop toe, waai met die hand sodat hulle die deure van die edeles kan binnegaan.
- 3 Ek het My afgesonderdes opdrag gegee; Ek het selfs My magtige soldate geroep, My trots, jubelendes, om My woede uit te voer.
- 4 'n Klank van opskudding op die berge soos die van baie mense; 'n klank van die oproer van die koninkryke van nasies wat bymekaargekom het! יהוה-Tzva'ot roep die leër op vir oorlog.
- 5 Hulle kom vanaf 'n ver land, van die verste horisonne af, יהוה en Sy instrumente van Sy woede, om die hele land te verwoes.
- 6 Huil, want die dag van יהוה is naby! Dit sal kom as die vernietiging deur die Almagtige;
- 7 daarom val al die hande slap en elke mens se binneste sal smelt.
- 8 Hulle sal beangs wees, pyne en benoudheid sal hulle aangryp; hulle sal inmekaarkrimp soos 'n vrou wat geboorte gee; hulle sal na mekaar kyk in verbasing; hulle gesigte ontvlam. ^{1 Thes 5:3}
- 9 Let op, die dag van יהוה kom, hardvogtig, met toorn en brandende woede, om die land verlate te maak en Hy sal die sondaars daarop uitwis, ^{2 Kef 3:10-12}
- 10 want die sterre van die hemel en sy konstelasies sal nie hulle lig laat skyn nie; die son sal donker wees as hy opkom en die maan sal nie sy lig laat skyn nie. ^{Mat 24:29}
- 11 So sal Ek die wêreld vir sy boosheid en die morele bese vir sy permissiwiteit straf; Ek sal ook 'n einde maak aan die arrogansie van die trotses en die hoogmoed van die gewetenlose verneder.
- 12 Ek sal die sterflike mens skaarser maak as suiwer goud en die mensdom as die goud van Ofir.
- 13 Ek sal daarom die hemel laat bewe en die aarde sal deur die toorn van יהוה-Tzva'ot uit sy plek geskud word in die dag van Sy brandende woede.
- 14 Dit sal wees soos 'n gasel wat gejag word, of soos kleinvee met niemand om hulle bymekaar te maak nie, hulle sal elkeen na sy eie volk toe draai en elkeen na sy land toe vlug.
- 15 Enige een wat gevind word, sal deurboor word en elkeen wat gevang word, val deur die swaard.
- 16 Hulle kinders sal in stukke geslaan word voor hulle oë, hul huise sal geplunder en hul vroue onteer word.

- 17 Let op, Ek gaan die Mede teen hulle opstook, wat silwer nie sal ag en geen behae in goud sal hê nie.
- 18 Hulle boë sal die jongmanne afmaai, hulle sal nie eens omgee vir die vrug van die baarmoeder nie; hulle oog sal ook nie jammer wees vir die kinders nie.
- 19 Bavel, die skoonheid van die koninkryke, die lof en eer van die Kasdeërs se trots, sal wees soos toe God S'dom en `Amorah omgekeer het.
- 20 Van geslag tot geslag sal dit nooit bewoon word of in geleef word nie en die Arabier sal ook nie sy tent daar opslaan nie en ook sal geen herders hulle vee daar laat lê nie,
- 21 maar woestyn gediertes sal daar lê en hulle huise sal vol uile wees; volstruise sal ook daar leef en bokramme sal daar rondspring.
- 22 Hiënas sal huil in hulle versterkte torings en jakkalse in hulle luukse paleise. Haar tyd sal ook gou kom en haar dae sal nie uitgereg word nie.
- 14** ¹ Wanneer יהוה omgee sal wys oor Ya'akov en Yisra'el weer sal kies en hulle in hul eie land vestig, dan sal vreemdelinge hulle by hul voeg en hulleself verbind tot die huis van Ya'akov. ^{Yeg 47:22,23}
- 2 Hulle sal die volke saamvat en na hul plek bring en die huis van Yisra'el sal hulle besit as 'n erfenis in die land van יהוה, as slawe en slavinne; hulle sal dié gevange neem wat hulle as gevangenes weggevoer het en oor hulle onderdrukkers heers.
- 3 Dit sal wees op die dag wanneer יהוה jou rus gee van jou smart, jou rusteloosheid en van die harde diens waaraan julle verslaaf is
- 4 dat jy hierdie spreuk teen die koning van Bavel sal begin en sê: "Hoe het die onderdrukker opgehou, die ywerige het opgehou!
- 5 יהוה het die staf van die bouse oortreder verbreek, die septer van die heersers,
- 6 wat die volke in raserny met onophoudelike slae geslaan het, wat die nasies in woede onderdruk het met onbeteuelde vervolging.
- 7 Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in uitroepe van blydschap.
- 8 Selfs die sipresbome en die seders van die L'vanon is bly oor jou en hulle sê: 'Sedert jy afgebring is, kom geen snyer teen ons op nie.'
- 9 Sh'ol, onder, is opgewonde oor jou koms; dit wek al die leiers van die aarde en die konings van die nasies op wat jy onttroon het.
- 10 Hulle sal almal antwoord en vir jou sê: 'Selfs jy is swak gemaak soos ons; jy het soos ons geword.'
- 11 Jou prag en praal en die musiek van jou harpe is afgebring na Sh'ol; maaiers is onder jou uitgesprei en wurms is jou bedekking.'
- 12 Hoe het jy geval uit die hemel, o ligdraer, seun van die sonsopkoms! Jy is na die aarde toe afgesny, jy wat die nasies swak gemaak het,
- 13 maar jy het in jou verstand, wil en emosie gesê: 'Ek wil opgaan na die hemel; ek sal my troon oplig bo die sterre van God en ek sal sit op die berg van ontmoeting, aan die noordelike uithoek.
- 14 Ek sal opgaan bo die hoogtes van die wolke; ek sal myself soos die Allerhoogste maak!' ^{1 Tim 3:6}
- 15 Nogtans sal jy in Sh'ol neergewerp word, in die diepste plekke van die put! ^{Luk 10:15}

- 16 Die wat jou sien, sal jou aanstaar, hulle sal oor jou wonder en sê: 'Is dit die man wat die aarde laat bewe het, wat koninkryke geskud het,
- 17 wat die wêreld soos 'n wildernis gemaak en sy stede verwoes het, wat nie sy gevangenes toegelaat het om huis toe te gaan nie?
- 18 Al die konings van die nasies lê in lof en eer, elkeen in sy eie graf,
- 19 maar jy is uitgewerp uit jou graf, soos 'n verwerpte tak, aangetrek met die doodgemaaktes wat deurboor is met 'n swaard, wat afgaan na die klippe van die put, soos 'n vertrapte lyk.
- 20 Jy sal nie met hulle in die graf verenig word nie, want jy het jou land verwoes, jou volk doodgemaak. Mag die nageslag van die boosdoeners vir ewig nie genoem word nie.
- 21 Berei 'n plek van slagting voor vir sy seuns, as gevolg van die oortredinge van hulle vaders. Hulle moenie opstaan en die aarde in besit neem en die oppervlak van die wêreld vol stede maak nie."
- 22 "Ek sal teen hulle opstaan," verklaar יהוה-Tzva'ot, "en sal van Bavel af afsny: naam, oorblewene, nageslag en nakomeling," verklaar יהוה.
- 23 "Ek sal dit 'n besitting maak vir die reier en moerasse van water en Ek sal dit wegvee met die besem van vernietiging," verklaar יהוה-Tzva'ot.
- 24 יהוה-Tzva'ot het gesweer en gesê: "Waarlik, net soos Ek dit wou, so het dit gebeur en net soos Ek beplan het, so sal dit wees:
- 25 om Ashur te verbreek in My land en Ek sal hom op My berge vertrap. Dan sal sy juk van hulle af verwyder word en sy las van hulle skouer af.
- 26 Dit is die plan wat teen die hele aarde gemaak is en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies,
- 27 want יהוה-Tzva'ot het beplan, wie kan dit verydel? Sy hand is uitgestrek, wie kan dit terugdraai?"
- 28 In die jaar wat koning Agaz dood is, het hierdie profetiese visie gekom:
- 29 "Wees nie bly, enige van julle in F'lishet omdat die lat verbreek is wat jou geslaan het nie, want uit die wortel van die slang sal 'n adder uitkom en sy vrug sal 'n vlieënde slang wees.
- 30 Die wat die hulpeloosste is, sal eet en die behoeftiges sal in veiligheid lê. Ek sal jou wortel met hongersnood vernietig en dit sal dié van jou wat oorgebly het doodmaak.
- 31 Huil, o poort! Skree, o stad! O, F'lishet, almal van julle is in verwarring, want rook sal uit die noorde kom en daar is niemand alleen in Sy aangestelde tye nie.
- 32 Hoe sal 'n mens die boodskappers van die nasies antwoord? Dat יהוה Tziyon gestig het en die geteisterdes van Sy volk sal daarin skuiling soek."
- 15** 1 Die profetiese visioen aangaande Mo'av:
 "Sekerlik is 'Ar-Mo'av in 'n nag vernietig en verwoes! Sekerlik is Kir-Mo'av in 'n nag vernietig en verwoes!
- 2 Hulle het opgegaan na die tempel en na Dibon, na die hoë plekke om te huil; Mo'av huil oor N'vo en Meidva; almal se koppe is kaal, elke baard is afgesny.

- 3 Op hul strate het hulle rouklere aangegord; op hulle dakke en op hulle pleine, almal huil, deurdrenk in trane.
- 4 Heshbon en El'aleh skree ook uit, hulle stem word gehoor al die pad tot by Yahatz; daarom skree die gewapende manne van Mo'av hardop; sy lewe sidder binne hom.
- 5 My verstand, wil en emosie skree uit oor Mo'av; sy vlugteling is sover as tot by Tzo'ar en Eglat-Sh'lisshiyah, want hulle gaan die hoogte van Lugit uit met gehuil; op die pad na Horonayim skree hulle sekerlik 'n kreet van benoudheid uit oor die verwoesting,
- 6 want die waters van Nimrim is verlate, die gras is verseker verlep, die grasspruitjies het doodgegaan, daar is geen groenigheid nie.
- 7 Hulle dra daarom die oorfloed wat hulle bymekaargemaak en gestoor het oor die Wilgerspruit,
- 8 want die uitroep van benoudheid het in die grondgebied van Mo'av rondgegaan, sy gehuil so ver as tot by Eglayim en sy huilery selfs tot by Be'er-Elim,
- 9 want die waters van Dimon is vol bloed; Ek sal sekerlik meer oor Dimon bring, 'n leeu oor die vlugteling van Mo'av en oor die van die land wat oorgebly het.”
- 16** 1 Die profesie oor die res van die land: “Ek sal die seun van die regeerder van die land, vanaf Selah, (die Rotsstad) in die wildernis, na die berg van die dogter van Tziyon stuur,
- 2 dan sal die dogters van Mo'av wees soos voëls wat vlug, 'n nes uitmekaar gejaag, by die driewe van die Arnon.
- 3 Gee advies, maak 'n besluit, gooi jou skaduwee soos die nag oor die middel van die dag, steek die uitgeworpenes weg, moenie die vlugteling verraaï nie!
- 4 Laat die uitgeworpenes van Mo'av by jou bly; wees 'n skuilplek vir hulle teen die vernietiger, want die afperser het tot 'n einde gekom, verwoesting het opgehou, onderdrukkers is heeltemal weg uit die land!
- 5 'n Troon sal selfs opgerig word in liefdevolle omgee en 'n Regter sal in Dawid se tent in vertrouenswaardigheid daarop sit; meer nog, Hy sal regverdige oordeel soek en gou wees in onpartydige opregtheid. Yes 9:7; Dan 7:14,27; Mik 4:7; Luk 1:33
- 6 Ons het gehoor van die trotsheid van Mo'av, 'n oormatige trots; van sy arrogansie, trotsheid en woede; sy ydele grootpraterij is vals.
- 7 Mo'av sal daarom huil, almal sal oor Mo'av huil, want die fondasies van die mure is vernietig; sekerlik kerm hulle soos dié wat siek is, Yir 48:20
- 8 want die velde van Heshbon het verwelk, die wingerde van Sebmah; die meesters van die nasies het sy keurtrosse vertrap, wat so ver as Ya'zer gekom het en in die woestyne ingedwaal het; sy ranke het hulleself uitgesprei en oor die see gegaan;
- 9 daarom sal Ek jou bitterlik laat huil met die huil van Ya'zer, vir die wingerd van Sebmah; Ek sal jou deurdrenk met jou trane, Heshbon en El'aleh, want die uitroepe oor jou somervrugte en jou oes het weggeval. Yir 48:32,33
- 10 Vreugde en blydschap word weggevat uit die vrugbare veld; in die wingerde sal daar ook nie uitroepe van vreugde of jubelende gejuig wees nie; geen trapper trap wyn uit in die paskuipe nie; Ek het die uitroepe van vreugde laat ophou.

- 11 My verstand, wil en emosie weeklaag daarom soos 'n harp oor Mo'av en My binneste gevoelens oor die versterkte mure wat vernietig sal word.
- 12 So sal dit wees as Mo'av homself aanbied: wanneer hy homself moeg maak op die hoë plek en na sy afgesonderde plek kom om te bid, sal hy nie seëvier nie."
- 13 Dit is die woord wat יהוה vroeër teen Mo'av gepraat het,
- 14 maar nou praat יהוה en sê: "Binne drie jaar, soos 'n huurling hulle sal tel, sal die lof en eer van Mo'av onteer word saam met sy hele groot populasie en dié wat oorbly van hom sal baie klein en magteloos wees."

17 ¹ Die profetiese visioen aangaande Dammesek:

- "Let op, Dammesek is op die punt om as stad verwyder te word en sal 'n gevalle puinhoop word.
- 2 Die stede van 'Aro'er is verlate; hulle sal vir die troppe vee wees om in te lê en daar sal niemand wees om hulle bang te maak nie.
- 3 Die versterkte stad sal verdwyn uit Efrayim en koningskap uit Dammesek; die wat oorbly van Aram sal wees soos die lof en eer van die seuns van Yisra'el," verklaar יהוה-Tzva'ot.
- 4 "In daardie dag sal die lof en eer van Ya'akov weggwyn en die vettigheid van sy vlees sal maer word.
- 5 Dit sal wees soos wanneer die maaier die ongesnyde graan bymekaarvat en sy arm die are oes; of dit sal wees soos iemand wat are optel in die vallei van Refa'im.
- 6 Tog sal 'n na-oes daarin gelos word soos by die skud van 'n olyfboom: twee, drie olywe aan die heelboonste tak; vier, vyf aan die takke van 'n vrugbare boom," verklaar יהוה, die God van Yisra'el. ^{Yeg 20:38}
- 7 "In daardie dag sal die mens sy Maker in ag neem en sy oë sal kyk na die Afgesonderde Een van Yisra'el.
- 8 Hy sal nie die altare in ag neem nie, die werk van sy hande, of kyk na wat sy vingers gemaak het nie, selfs die Asherah en die wierook staanders.
- 9 In daardie dag sal hulle sterk stede soos verlate plekke in die woud wees, of soos takke wat hulle gelos het voor die seuns van Yisra'el en die land sal 'n verlatenheid word,
- 10 want jy het die God van jou verlossing vergeet en nie die Rots van jou toevlug onthou nie; daarom plant jy lieflike plante en lê dit uit met vreemde wingerdstokke.
- 11 Op die dag dat jy hulle plant, sal hul bloeisels voortbring en in die oggend sal jou saad uitspruit, maar die oes sal 'n mislukking wees in die dag van sieklikheid en desperate pyn.
- 12 Helaas, die gedruis van baie volke, wat brul soos die gedruis van die seë en die geraas van nasies wat voortjaag soos die geraas van magtige waters!
- 13 Die nasies druis voort soos die gedruis van baie waters, maar Hy sal hulle bestraf en hulle sal ver weg vlug en gejaag word soos kaf in die berge voor die wind of soos stof voor 'n stormwind.
- 14 In die aand, let op, is daar verskrikking! Voor die oggend is hulle nie meer nie. Dit is die deel van hulle wat ons plunder en die lot van hulle wat ons beroof.

- 18** 1 Wee jou, o land van suisende vlerke wat anderkant die riviere van Kush lê,
 2 wat afgevaardigdes per see stuur, in vaartuie van papyrus, op die oppervlakte van die waters en sê: “Gaan, vinnige boodskappers, na ’n nasie wat geplunder en ontwortel sal word, na ’n nasie wie se sterkte tot nou toe van binne was; na ’n nasie wat onteer en verneder gaan word, wie se land deur riviere verwoes is.”
- 3 Al julle inwoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as ’n banier opgelig word op die berge, sal julle dit sien! Sodra die ramshoring geblaas word, sal julle dit hoor,
 4 want so het יהוה vir my gesê: “Ek sal stilweg van My blyplek af kyk, soos dansende hitte in die sonskyn, soos ’n wolk van dou in die hitte van die oestyd,”
 5 want voor die oes, sodra die knoppie blom en die blom ’n rypwordende druiwekorrel word, dan sal Hy die ranke afsny met snoeiskêre en die lote verwyder en wegkap.
 6 Hulle sal saam gelos word vir die roofvoëls van die berge en vir die wilde diere van die aarde en die roofvoëls sal die somer daarop deurbring en al die wilde diere van die aarde sal die oestyd daarop deurbring.
- 7 In daardie tyd sal ’n geskenk van eerbetoon na die plek van die Naam van יהוה - Tzva’ot, die berg Tziyon, aan יהוה - Tzva’ot gebring word deur ’n nasie wat geplunder en ontwortel sal word, deur ’n nasie wie se sterkte tot nou toe van binne was; deur ’n nasie wat onteer en verneder gaan word, wie se land deur riviere verwoes is.
- 19** 1 Die profesie aangaande die val van Mitzrayim: let op, יהוה ry op ’n vinnige wolk en is op die punt om na Mitzrayim te kom; die afgode van Mitzrayim sal bewe voor Sy Teenwoordigheid en die verstand, wil en emosie van die Mitzrayimiete sal in hulle binneste wegs melt.
- 2 “Ek sal Mitzrayimiet teen Mitzrayimiet ophits en elkeen sal teen sy broer baklei en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.
- 3 Dan sal die gees van Mitzrayim gedemoraliseer wees in hulle en Ek sal sy strategie deurmekaar maak sodat hulle na afgode en geeste van die dooies en na mediums en spiritiste sal draai.
- 4 Meer nog, Ek sal Mitzrayim oorgee in die hand van ’n wrede meester en ’n magtige koning sal oor hulle heers,” verklaar die Meester, יהוה - Tzva’ot.
- 5 Die waters sal vanuit die see opdroog en die rivier sal verskroei en droog lê.
 6 Die kanale sal ’n stank afgee; die strome van Mitzrayim sal uitdun en opdroog; die riete en biesies sal wegvrot.
- 7 Die weivelde langs die Nyl, by die mond van die Nyl en al die saailande langs die Nyl sal droog word, weggedryf en nie meer wees nie.
- 8 Die vissermanne sal kla en almal wat lyne in die Nyl uitgooi, sal rou en dié wat visnette uitsprei oor die waters, sal wegkwyn.
- 9 Meer nog, die vervaardigers van linne, gemaak van geborselde vlas en die wewers van wit stowwe, sal totaal mismoedig wees.
- 10 Die pilare sal vergruis word; al die loonarbeiders sal sielsbedroef wees.

- 11 Die prinse van Tzo'an is maar net dwase, die raad van Farao se slimste raadgewers het onnosel geword. Hoe kan julle vir Farao sê: 'Ek is 'n seun van die wyse, 'n seun van antieke konings?'
- 12 Wel, waar is jou wyse manne? Laat hulle jou asseblief vertel en laat hulle verstaan wat יהוה-Tzva'ot se doel teen Mitzrayim is.
- 13 Die prinse van Tzo'an het dwaas opgetree, die prinse van Nof is mislei; Mitzrayim is op 'n dwaalweg gebring deur die hoeksteen van sy stamme.
- 14 יהוה het binne haar 'n gees van verdraaiing gemeng en die Mitzrayimiet op 'n dwaalweg gebring in alles wat hy doen, soos 'n dronkaard steier in sy uitbraaksel.
- 15 Daar sal ook geen leier in Mitzrayim wees wat kop of stert, palmtak of biesie daarvan kan verstaan nie.
- 16 In dié dag sal die Mitzrayimiet word soos vroue en hulle sal bewee en in angs wees vir die waai van die hand van יהוה-Tzva'ot wat Hy oor hulle gaan waai.
- 17 Die land van Y'hudah sal vir die Mitzrayimiete 'n verskrikking wees; elkeen aan wie dit genoem word, sal in angs daaroor wees, vanweë die doel van יהוה-Tzva'ot wat Hy teen hulle beplan het.
- 18 In dié dag sal daar vyf stede in die land van Mitzrayim wees wat die taal van Kena'an praat en by יהוה-Tzva'ot sweer; een sal 'die Stad van die son' genoem word.
- 19 In dié dag sal daar 'n altaar tot יהוה in die middel van die land van Mitzrayim wees en 'n pilaar vir יהוה naby sy grens.
- 20 Dit sal 'n teken en 'n getuie word vir יהוה-Tzva'ot in die land van Mitzrayim, want hulle sal uitroep na יהוה as gevolg van onderdrukkers en Hy sal vir hulle 'n Redder en 'n Kampioen stuur en Hy sal hulle bevry.
- 21 So sal יהוה Homself bekend maak aan Mitzrayim en die Mitzrayimiete sal יהוה in dié dag ken. Hulle sal Hom selfs dien met slagoffers en offers en 'n gelofte doen aan יהוה en dit uitvoer.
- 22 יהוה sal Mitzrayim slaan, slaan, maar genees; so sal hulle terugdraai na יהוה en Hy sal hulle antwoord en hulle genees.
- 23 In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Mitzrayim na Ashur en die Ashuriërs sal in Mitzrayim kom en die Mitzrayimiete in Ashur en die Mitzrayimiete sal saam met die Ashuriërs aanbid.
- 24 In dié dag sal Yisra'el die derde wees naas Mitzrayim en Ashur, 'n seën in die middel van die aarde,
- 25 wat deur יהוה-Tzva'ot geseën is, met die woorde: "Geseënd is Mitzrayim, My volk, Ashur, die werk van My hande en Yisra'el, My erfenis!"
- 20** 1 In die jaar toe die bevelvoerder na Ashdod gekom het, toe Sargon, die koning van Ashur, hom gestuur het en hy teen Ashdod baklei en dit ingeneem het;
- 2 in dié tyd het יהוה deur Yesha'yahu, die seun van Amotz, gepraat en gesê: "Gaan maak die roukleed van jou heupe af los en trek jou skoene van jou voete af." Hy het so gedoen en kaal en kaalvoet geloop.
- 3 יהוה het gesê: "Net soos My dienskneg Yesha'yahu kaal en kaalvoet geloop het vir drie jaar lank as 'n teken en bewys teen Mitzrayim en Kush,

- 4 so sal die koning van Ashur die gevangenes van Mitzrayim en die ballinge van Kush weglei, jonk en oud, kaal en kaalvoet, met agterstewes ontbloot, tot die skande van Mitzrayim.
- 5 Dan sal hulle ontsteld en beskaamd wees as gevolg van Kush, hulle hoop en Mitzrayim, hulle trots.
- 6 So sal die inwoners van hierdie kusland in dié dag sê: 'Let op, dít is ons hoop, waarheen ons gevlug het om hulp, om bevry te word van die koning van Ashur en ons, hoe sal óns ontvlug?'"
- 21** 1 Die profetiese visioen aangaande die wildernis van die see: soos stormwinde deur die Negev gaan, kom dit vanuit die wildernis, uit 'n vreesaanjaende land;
- 2 'n ernstige visie is aan my gewys! Die valse handel steeds valslik en die vernietiger vernietig. Gaan op, 'Eilam en die berge van Madai! Ek het 'n einde gemaak aan al hulle gesug.
- 3 Om hierdie rede is my heupe vol benoudheid; pyne het my aangegryp soos die pyne van 'n vrou wat geboorte gee. Ek is so verward, ek kan nie hoor nie; so angsbevangen, ek kan nie sien nie.
- 4 My verstand, wil en emosie duisel, angs oorval my; die skemeraand waarna ek uitgesien het, is vir my verander tot 'n verskrikking.
- 5 Hulle dek die tafel, gooi die lap oor, hulle eet, hulle drink: "Staan op, bevelvoerders, salf die skilde,"
- 6 want so sê יהוה vir my: "Gaan, plaas die brandwag, laat hom rapporteer wat hy sien.
- 7 Wanneer hy 'n strydwa sien, 'n paar perderuiters, 'n ruiter op 'n donkie en 'n ruiter op 'n kameel, laat hom ernstig aandag gee, baie ernstig."
- 8 Toe het die brandwag geroep: "O יהוה, ek staan voortdurend op die wagtoring in die dag en ek is op my wagpos elke nag.
- 9 Nou, let op, hier kom een van die paar perderuiters en hy het gesê: 'Geval, Bavel het geval en al die beelde van haar gode is stukkend op die grond'. " ^{Open 14:8}
- 10 O my gedorstes en geteisterdes van die dorsvloer, wat ek gehoor het van יהוה - Tzva'ot, die God van Yisra'el, maak ek aan julle bekend!
- 11 Die profetiese visioen aangaande Edom: een hou aan om my van Se'ir af te roep: "Waaksman, hoe ver is die nag verby? Waaksman, hoe ver is die nag verby?"
- 12 Die waaksman sê: "Die oggend kom, maar ook die nag. As julle moet vra, vra; kom weer terug."
- 13 Die profetiese visioen aangaande Arabië: "In die ruigtes van Arabië moet julle oornag, karavane van die D'daniete!
- 14 Bring water vir die wat dors is, o inwoners van die land van Teima, ontmoet die vlugteling met brood,
- 15 want hulle het vir die swaarde gevlug, vir die getrekte swaard, vir die gespande boog en vir die druk van die geveg,
- 16 want so het יהוה vir my gesê: 'Binne 'n jaar, soos die huurling dit sal tel, sal al die lof en eer van Kedar tot 'n einde kom

17 en wat oorbly van die getal boogskutters van die seuns van Kedar, sal min wees, want יהוה, God van Yisra'el, het gepraat.”

22 1 Die profetiese visioen aangaande die Vallei van Visie: wat is dit nou met julle dat julle almal op die huise se dakke geklim het?

2 Julle wat vol geraas was, luidrugtige dorp, jubelende stad; jou dooies is nie deur die swaard gedood of het nie in die geveg gesterf nie.

3 Al jou heersers het saam gevlug en is sonder boog gevang; almal van jou wat gevind is, is saam gevange geneem, hoewel hulle ver weg gevlug het.

4 Ek sê daarom: “Draai jou oë weg van my af, laat my bitterlik huil; moenie probeer om my te troos aangaande die verwoesting van die dogter van my volk nie,”

5 want dit is 'n dag van paniek, onderwerping en verwarring in die vallei van die visie voor die Meester, יהוה-Tzva'ot. Hulle het die mure ondersoek en geskreeu op die berge!

6 'Eilam het die pylkoker opgeneem met strydwaens, voetsoldate en perderuiters en Kir het die skild ontbloot.

7 Dit sal gebeur dat jou beste valleie met strydwaens gevul word en die ruiters vaste posisies inneem by die poort

8 en die verdediging van Y'hudah sal weggevat word. In daardie dag het jy staat gemaak op die wapens van die Huis van die Woud

9 en julle het gesien dat die breuke in die stad van Dawid baie is en julle het die waters van die onderste poel opgevang.

10 Toe het julle die huise van Yerushalayim getel en huise afgebreek om die muur te versterk.

11 Julle het ook 'n opgaarplek tussen die twee mure gemaak vir die water van die ou poel, maar julle het nie staatgemaak op Hom wat dit gemaak het nie en Hom wat dit lankal beplan het, ook nie in ag geneem nie;

12 daarom het die Meester, יהוה-Tzva'ot, jou in daardie dag geroep tot gehuil en tot weeklag, tot kaal skeer van die kop en om 'n roukleed te dra.

13 In plaas daarvan, is daar vrolikheid en blydskap, doodmaak van beeste en slag van skape, eet van vleis en drink van wyn: “Laat ons eet en drink, want môre mag ons sterf.”

14 יהוה-Tzva'ot het Homself aan my openbaar: “Hierdie oortreding sal julle nie vergewe word nie totdat julle doodgaan,” sê die Meester, יהוה-Tzva'ot.

15 So sê die Meester, יהוה-Tzva'ot: “Kom, gaan na hierdie bestuurder, na Shevnah, wat oor die huishouding aangestel is:

16 ‘Watter reg het jy hier en wie het jy hier dat jy vir jouself 'n graf hier uitgekop het, jy wat 'n graf in die hoogte uitkap, wat vir jouself 'n rusplek in die rots uitkerf?

17 Let op, יהוה is op die punt om jou sekerlik weg te slinger, o mens en jou sekerlik te verlaat,

18 jou te teister soos die teistering van 'n groep soldate wat in 'n stad beleër is sonder uitkoms; daar sal jy sterf en daar sal jou pronk strydwaens wees, skande van jou meester se huis!’

19 Ek sal jou verwyder uit jou pos en jou uit jou posisie afbring.

- 20 Dan sal dit op daardie dag gebeur dat Ek My dienskneg, Elyakim, die seun van Hilkiyahu, laat roep
- 21 en Ek sal hom aantrek met jou kleed en jou serp stewig om hom bind. Ek sal hom onveranderlik toevertrou met jou outoriteit en hy sal vir die inwoners van Yerushalayim en vir die huis van Y'hudah 'n vader wees.
- 22 Dan sal Ek die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer sit; wanneer hy oopmaak, sal niemand sluit nie; wanneer hy sluit, sal niemand oopmaak nie. ^{Open 3:7}
- 23 Ek sal hom inslaan soos 'n pen in 'n vaste plek en hy sal 'n troon van lof en eer word vir sy vader se huis.
- 24 Hulle sal al die lof en eer van sy vader se huis, nageslag en sake, al die kleinste van houters, van komme af tot al die kruike, aan hom hang."
- 25 "In daardie dag," verklaar יְהוָה-Tzva'ot, "sal die pen wat in 'n stewige plek ingeslaan is padgee; dit sal afbreek en val en die vraag goed wat daaraan hang, sal afgesny word, want יְהוָה het gepraat."

- 23** 1 Die profetiese visioen aangaande Tzor: huil, o skepe van Tarshish, want dit is verwoes, sonder huis of hawe; dit word aan hulle rapporteer uit die land van die Kittiers.
- 2 Wees stil, inwoners van die kusland, groothandelaars van Tzidon, jou boodskappers het oor die see gegaan,
- 3 oor baie waters. Die graan van die Nyl, die oes van die Rivier (Eufraat) was haar inkomste en sy was die mark van nasies.
- 4 Wees beskaamd, o Tzidon, want die see, die vesting van die see, praat en sê: "Ek het geen geboortepyne gehad of geboorte gegee nie, ek het geen jongmanne grootgemaak of maagde opgevoed nie."
- 5 As die verslag Mitzrayim bereik, sal hulle in benoudheid wees oor die verslag van Tzor.
- 6 Vaar oor na Tarshish; huil, o inwoners van die kusland!
- 7 Is dít julle jubelende stad wat sy oorsprong in die gryse verlede het, wie se voete haar gedra het om ver plekke te koloniseer?
- 8 Wie het dit teen Tzor, die uitdeler van krone, wie se groothandelaars prinse was, wie se handelaars die geëerdes van die aarde was, beplan?
- 9 יְהוָה-Tzva'ot het dit beplan, om die trots van alle skoonheid te onteer, om al die geëerdes te verag.
- 10 Oorstroom jou land soos die Nyl, dogter van Tarshish! Daar is geen terughouding meer nie.
- 11 Hy het Sy hand uitgestrek oor die see, Hy het koninkryke laat bewee; יְהוָה het 'n bevel gegee met betrekking tot Kena'an, om sy vestings af te breek.
- 12 Hy het gesê: "Jy sal nie meer uitgelate wees nie, o onteerde maagdelike dogter van Tzidon! Staan op, vaar oor na Kittim; selfs daar sal jy geen rus kry nie.
- 13 Let op, die land van die Kasdeërs; dit is die volk wat nie was nie; Ashur het dit bestem vir woestyngediertes; hulle het hul beleëringstorings opgerig, hul paleise gestroop, dit 'n puinhoop gemaak.
- 14 Huil, o skepe van Tarshish, want julle vesting is verwoes!

- 15 In daardie dag sal Tzor vergeet word vir sewentig jaar lank, soos die dae van een koning. Aan die einde van sewentig jaar sal dit met Tzor gebeur volgens die lied van die hoer:
- 16 “Wat die harp, gaan rond in die stad, o vergete hoer! Speel die snare bekwaam, sing baie liedere sodat jy onthou kan word.”
- 17 Dit sal gebeur aan die einde van sewentig jaar dat יהוה Tzor sal besoek. Dan sal sy terugkeer na haar hoereloon en hoereer met al die koninkryke wat op die aardbodem is.
- 18 Haar wins en haar hoereloon sal tot יהוה afgesonder word; dit sal nie opgehoop of gebêre word nie, maar haar wins sal voldoende kos en keur klere word vir die wat in die Teenwoordigheid van יהוה loop. Yeg 28; Spr 13:22
- 24** 1 Let op, יהוה verwoes die aarde, vernietig dit, misvorm sy oppervlakte en verstrooi sy inwoners.
- 2 Die mense sal wees soos die priester, die slaaf soos sy meester, die slavin soos haar meesteres, die koper soos die verkoper, die uitlener soos die lener, die skuldeiser soos die skuldenaar.
- 3 Die aarde sal heeltemal verwoes en heeltemal geplunder wees, want יהוה het hierdie boodskap gespreek:
- 4 ‘Die aarde treur, verwelk; die wêreld kwyn, verwelk; die vernaamstes van die mense van die aarde kwyn weg.
- 5 Die aarde is bevuil deur sy inwoners, want hulle het wette oortree, die instellings geskend, die ewige verbond verbreek;
- 6 daarom verteer ’n vloek die aarde en dié wat daarin woon word skuldig gehou; daarom word die bewoners van die aarde verbrand en is daar min mense oor.
- 7 Die nuwe wyn treur, die wingerdstok verwelk, almal wat bly van hart is, sug.
- 8 Die vreugde van die tamboeryne het opgehou, die geraas van die uitgelatenes hou op, die vreugde van die harp hou op!
- 9 Hulle drink nie wyn met sang nie; sterk drank is bitter vir die wat dit drink.
- 10 Die stad van chaos is afgebreek; al die huise is toegesluit sodat niemand mag ingaan nie.
- 11 Daar is ’n geskree oor wyn op die strate; alle blydschap verander in mismoenigheid, die vreugde is van die aarde af verban.
- 12 Verlatenheid het in die stad oorgebly en die poort is tot ’n puinhoop stukkend geslaan,
- 13 want so sal dit wees op die aarde, tussen die mense, soos die skud van ’n olyfboom, soos die na-oes as die druiwe-oes verby is.
- 14 Hulle lig hulle stem op, hulle skree van vreugde; hulle skree uit vanaf die weste aangaande die majesteit van יהוה.
- 15 Bring daarom lof en eer aan יהוה in die ooste, aan die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, die God van Yisra’el, in die kuslande van die see!’
- 16 Van die einde van die aarde af hoor ons liedere, selfs lof en eer aan die Regverdige Een, maar ek sê: “Weë my, weë my, dit is ’n raaisel vir my! Die verraderlikes handel vals; valser en valser. Open 22:11

- 17 Angs, die kuil en die strik konfronteer jou, o inwoner van die aarde!
- 18 Dan sal dit wees dat hy wat vlug vir die verslag van die ramp, in die kuil sal val en hy wat uit die kuil uitklom, sal in die strik gevang word, want die vensters bo is oopgemaak en die fondamente van die aarde skud.
- 19 Die aarde word heeltemal opgebreek, die aarde word geheel en al oopgebreek, die aarde word uitermate geskud.
- 20 Die aarde slinger heen en weer soos 'n dronkaard en word geskud soos 'n pondok, want sy wetsoortreding is swaar op hom en hy sal val om nooit weer op te staan nie.
- 21 Dit sal in daardie dag so gebeur dat יהוה die hemelse leërskaars daar bo sal straf en die konings van die aarde op die aarde.
- 22 Hulle sal bymekaar gemaak word, soos gevangenes, in die ondergrondse sel en in die tronk toegemaak wees en ná baie dae sal hulle gestraf word.
- 23 Dan sal die maan rooi word van skaamte en die son beskaamd, want יהוה-Tzva'ot sal regeer op die berg Tziyon en in Yerushalayim en Sy eer, lof en aanbidding sal voor die oudstes wees. ^{Open 21:23}

- 25** יהוה, U is my God! U sal ek opleg; ek sal dank gee aan U Naam (Karakter en Outoriteit), want U het wonders gedoen, getroue raadgewing gegee vanaf lank terug, dit is waar,
- 2 want U het 'n stad verlaag tot 'n hoop, 'n versterkte vesting tot 'n puinhoop; 'n paleis van vreemdes is geen stad meer nie, dit sal nooit weer herbou word nie.
- 3 'n Sterk volk sal U daarom loof en eer, stede van gewetenlose nasies sal U respektvol vrees,
- 4 want U is 'n Verdediging vir die hulpelose, 'n Verdediging vir die behoefte in sy benoudheid; 'n Skuilplek teen die storm, 'n Skaduwee teen die hitte, want die asem van die gewetenlose is soos 'n storm teen 'n muur.
- 5 Soos hitte tydens droogte, onderdruk U die oproer van vreemdes; soos hitte deur die skaduwee van 'n wolk word die lied van die gewetenlose stil gemaak.
- 6 יהוה-Tzva'ot sal op hierdie berg vir al die volke 'n oorvloedige feesmaal voorberei; 'n feesmaal van verouderde en ryk wyne, van die dinge wat behoort aan ons hemelse Verlosser en die Magtige Een. ^{Open 19:6,7}
- 7 Hy sal ook die invloed en aansien van die regeerder wat oor al die volke geheers het, op hierdie berg vernietig, as gevolg van die slagting onder al die nasies.
- 8 Hy sal dood vir alle tye insluk in oorwinning ^{1 Kor 15:54} en die Meester, יהוה-Tzva'ot, sal die trane van alle gesigte af afvee en Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af verwyder, want יהוה het gepraat. ^{Open 21:4}
- 9 Dit sal in daardie dag gesê word: "Let op, hierdie is ons God vir Wie ons gewag het dat Hy ons kan red. Dit is יהוה vir Wie ons gewag het; ons sal in die rondte swaai van vreugde oor Hom en ons verheug in Sy redding,"
- 10 want die hand van יהוה sal rus op hierdie berg en Mo'av sal vertrap word in sy plek soos strooi vertrap word in die water van 'n mishoop
- 11 en hy sal sy hande uitsprei daarin soos 'n swemmer dit uitsprei om te swem en Hy sal hulle trotsheid laag neerlê saam met die buit van hulle bendes.

12 Die vesting van verraad van jou rebelse manne en jou sterk mure sal Hy afbreek, laag neerlê in die grond, selfs tot in die stof.

26 1 In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land van Y'hudah: "O stad, wie se Verlossing staande gebly het; Hy rig mure en skanse op vir sekuriteit." Ps 46:6; Spr 18:10

2 Maak oop die hekke sodat die waarheid en die onpartydige en opregte nasie, wat getrou bly, kan ingaan! Open 21:25-27; 22:14

3 U sal ons in volmaakte vrede bewaar omdat ons op U vertrou het.

4 Vertrou in יהוה vir ewig, want die Meester יהוה is 'n ewige sterkte."

5 Hy het die wat op die hoogte bly, die onoorkombare vesting, laag neergewerp; Hy het dit neergegooi, laag tot op die grond, dit in die stof gegooi.

6 Die voet sal dit vertrap, die voete van die geteisterdes, die voetstappe van die hulpeloses.

7 Die pad van die nederige is gelyk; die pad van die onpartydig opregte is reguit en gelyk.

8 Inderdaad, in die pad van U oordele, יהוה, het ons U gretiglik verwag; U Naam (Karakter en Outoriteit), U gedagtenis, is die begeerte van ons lewe.

9 In die nag begeer my lewe na U; ja, ook my gees binne my soek U gretiglik, want as die aarde U oordele ervaar, leer die inwoners van die wêreld onpartydige opregtheid.

10 Die bose oortreder het ver afgedwaal sodat hy nie onpartydige opregtheid leer nie; dissipline in die land bring opregtheid; die bose sal nie die majesteit van יהוה sien nie.

11 יהוה, U hand is opgelig, tog sien hulle dit nie. Hulle sien U ywer vir die mense en word beskaamd; vuur sal inderdaad U vyande verteer. Heb 10:27

12 יהוה, U sal vir ons vrede bewerk, aangesien U ook al ons werke vir ons uitgevoer het.

13 יהוה, ons God, ander meesters buiten U het oor ons geheers, maar deur U alleen verklaar ons U Naam (Karakter en Outoriteit).

14 Die dooies sal nie lewe nie, verlate geeste sal nie opstaan nie; daarom het U hulle gestraf en vernietig en alle gedagtenis aan hulle weggegee.

15 U het die nasie vermeerder o יהוה, U het die nasie vermeerder, U is geloof en vereer; U het al die grense van die land uitgebrei.

16 יהוה, in benoudheid het hulle U gesoek; hulle kon net 'n gebed fluister, U tugtiging was op hulle.

17 Soos 'n verwagterende vrou, wat naby die tyd kom dat sy geboorte moet gee, inmekaar krimp en skree in haar geboortepyne, so was ons voor U, o יהוה!

18 Ons was verwagterend en het inmeekaargekrimp soos hulle wat aan wind geboorte gegee het; red ons sodat ons nie op die aarde vergaan nie en die inwoners van die aarde nie tot 'n einde kom nie.

19 U dooie manne sal lewe, hulle lyke sal opstaan. Word wakker en roep uit van vreugde, julle wat in die stof lê, want U dou is soos die dou van die sonsopkoms en die aarde sal geboorte gee aan die verlate geeste. Yeg 37

20 Kom, my volk, gaan in julle kamers in en sluit jul deure agter jul toe; kruip vir 'n kort rukkie weg totdat die verontwaardiging verbygaan,

21 want let op, יְהוָה is op die punt om uit Sy plek uit te kom om die onregverdigheid van die inwoners van die aarde te straf en die aarde sal sy bloedvergieting openbaar en nie langer die wat gedood is, toedek nie.

27 1 In dié dag sal יְהוָה die livyatan, die deurborende reptiel, ja, livyatan, die kronkelende reptiel, met Sy vreeslike, groot en magtige swaard straf en Hy sal die draak doodmaak wat in die see is. Yes 51:9; Iyov 41; Ps 74:14

2 In daardie dag: "Sing van 'n wingerd van wyn!

3 Ek, יְהוָה, is sy Versorger: Ek sal dit elke oomblik water gee; Ek bewaak dit nag en dag sodat niemand dit kan beskadig nie. Yog 15:1

4 Ek het geen toorn nie. Sou iemand My dorings of distels gee in die geveg, sou Ek daarop trap, dit volkome verbrand;

5 of laat hom onveranderlik vashou aan My beskerming, Ek sal vir hom vrede maak, vrede sal Ek vir hom gee."

6 In die dae wat kom, sal Ya'akov wortel skiet, Yisra'el sal bloei en uitspruit en hulle sal die hele wêreld met vrugte vul.

7 Het יְהוָה die onderdrukker geslaan soos wat hy dié slaan wat hom geslaan het? Of word hulle gedood soos dié wat deur die slagting deur hom gedood is?

8 U het met hulle geworstel deur hulle te verban, deur hulle weg te dryf. Met Sy sterk wind het Hy hulle uitgedryf op die dag van die oostewind.

9 Die wetsoortreding van Ya'akov sal daarom hierdeur vergewe wees en dit sal die volle prys wees van die vryspraak van sy sonde: wanneer hy al die altaarklippe maak soos verkrummelde kalkklippe; wanneer die Asherahs, afgode en wieroorkaltare nie meer regop sal staan nie, Rom 11:25-27

10 want die versterkte stad is afgesny, 'n woning wat ontvolk en verlate is soos die woestyn; daar sal die kalwers wei en daar sal hulle lê en sy gras eet.

11 Wanneer sy takke verdor is, word hulle afgebreek; vroue kom en maak 'n vuur daarmee, want hulle is nie 'n volk van onderskeiding nie; daarom sal hulle Maker nie vir hulle omgee nie en sal hulle Skepper nie vir hulle onverdiende guns bewys nie.

12 In dié dag sal יְהוָה vanaf die vloeiende stroom van die Eufraat af tot by die spruit van Mitzrayim, Sy vrugte oes en julle sal ingesamel word, een vir een, o seuns van Yisra'el!

13 Dit sal gebeur dat in dié dag 'n groot ramshoring geblaas sal word Mat 24:31 en dan sal dié wat verlore gegaan het in die land van Ashur en dié wat versprei was oor die land van Mitzrayim, kom en יְהוָה aanbid op die afgesonderde berg by Yerushalayim.

28 1 Wee die trotse kroon van die dronkaards van Efrayim en die verwelkende blom van sy wonderlike skoonheid, wat aan die kop is van die vrugbare vallei van hulle wat deur wyn oorweldig is.

2 Let op, יְהוָה is sterk en magtig, wat soos 'n haelstorm, 'n storm van verwoesting, soos 'n storm van magtige, oorvloeiende waters met Sy hand op die grond neergooi.

3 Die trotse kroon van die dronkaards van Efrayim word onder die voete vertrap

- 4 en die verwelkende blom van sy wonderlike skoonheid, wat aan die kop van die vrugbare vallei is, sal wees soos die eerste ryp vy voor die somer, wat iemand sien en sodra dit in die hand is, sluk hy dit weg.
- 5 In daardie dag sal **יִזְבָּח**-Tzva'ot 'n pragtige Kroon en 'n wonderlike Krans wees vir dié wat oorgebly het van Sy volk;
- 6 'n Gees van regverdige oordeel vir hom wat in die oordeel sit en 'n Sterkte vir hulle wat die aanval by die poort afweer.
- 7 Hierdie het ook oortree met wyn en oorboord gegaan met sterk drank: die priester en die profeet het oortree met sterk drank, ^{Lev 10:9; Yeg 44:21} hulle is oorweldig deur wyn, hulle steier van sterk drank; hulle fouteer in oordeel as gevolg van dronkenskap, hulle eet oormatig,
- 8 want al die tafels is vol walglike uitbraaksels, sonder 'n enkele skoon plek.
- 9 Vir wie wil hy Godskennis leer en vir wie wil hy die boodskap interpreteer? Vir hulle wat van melk gespeen is? Dié wat van die borste weggevat is? ^{Mal 2:5-9; Heb 5:12-14}
- 10 Want, "vuilheid is op vuilheid, vuilheid op vuilheid, braaksel is op braaksel, braaksel op braaksel, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie."
- 11 Hy sal inderdaad met hierdie volk praat deur onverstaanbare lippe en 'n vreemde tong,
- 12 Hy wat aan hulle gesê het: "Hier is rus, gee rus aan die vermoeides" en "hier is verfrissing," maar hulle wou nie luister nie.
- 13 So sal die woord van **יִזְבָּח** vir hulle wees: "Vuilheid is op vuilheid, vuilheid op vuilheid, braaksel is op braaksel, braaksel op braaksel, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" sodat hulle kan gaan en agteruit struikel, gebreek word, in 'n strik val en gevang word.
- 14 Hoor daarom die Woord van **יִזְבָּח**, julle spotters, wat heers oor hierdie volk wat in Yerushalayim is
- 15 omdat julle gesê het: "Ons het 'n verbond met die dood gesluit en met Sh'ol het ons 'n verdrag aangegaan. Die oorweldigende gésel sal ons nie bereik wanneer Hy verbykom nie, want ons het valsheid ons skuilplek gemaak en onself in misleiding weggesteek;"
- 16 daarom, so sê die Meester **יְהוָה**: "Let op, Ek lê in Tziyon 'n Steen, 'n beproefde Steen, 'n duur Hoeksteen vir die fondasie, stewig neergesit. Hy wat daarin vertrou, sal nie bang wees nie. ^{1 Kef 2:6; Rom 9:33}
- 17 Ek sal die regverdige oordeel tot 'n maatband maak en onpartydige opregtheid die waterpas; dan sal hael die skuiling van leuens wegvee en die waters die geheime plek oorspoel.
- 18 Julle verbond met die dood sal gekanselleer word en julle verdrag met Sh'ol nie staan nie; wanneer die oorweldigende gésel deurtrek, sal julle deur Hom vertrap word.
- 19 So dikwels as wat Hy deurtrek, sal Hy julle gryp, want oggend na oggend sal Hy deurtrek, dag of nag en dit sal suiwerangs wees om te verstaan wat dit beteken."
- 20 Die bed is te kort om op uit te strek en die kombers te klein om jouself in toe te draai,

- 21 want יְהוָה sal opstaan soos by die berg P'ratzim; Hy sal opgewerk wees soos in die vallei van Giv'on om Sy taak uit te voer, Sy ongewone taak en om Sy werk te verrig, Sy uitsonderlike werk!
- 22 Gedra julle nou nie soos spotters nie, of julle bande sal sterker gemaak word, want ek het van die Meester, יְהוָה-Tzva'ot, gehoor van 'n vasgestelde vernietiging oor die hele aarde.
- 23 Gee gehoor en hoor my stem; luister en hoor my boodskap!
- 24 Ploeg die boer voortdurend om te saai? Skeur hy sy akker voortdurend oop en eg die grond?
- 25 Maak hy nie die oppervlak gelyk en saai vinkel, strooi komyn, plant koring in rye en gars in hulle plek en rog om sy rand, nie?
- 26 Want sy God gee hom instruksies volgens diskressie en leer hom behoorlik,
- 27 want vinkel word nie met die slee gedors nie en die wawiel word nie oor komyn gerol nie, maar vinkel word uitgeslaan met 'n staf en komyn met 'n stok.
- 28 Broodkoring word fyn gestamp, inderdaad hou hy nie aan om dit te dors nie, want die wawiel en die perde beskadig dit, hy stamp dit nie verder nie.
- 29 Ook dit kom van יְהוָה-Tzva'ot, wat Sy raadgewing wonderbaar gemaak het en Sy wysheid groot.
- 29** 1 Wee Ari'el, Ari'el, (simboliese naam van Yerushalayim) die stad waar Dawid eens gekamp het! Voeg jaar by jaar, laat hulle die feeste hou.
- 2 Tog sal Ek benoudheid oor Ari'el bring en dit sal 'n geklaag en gerou wees en dit sal vir My soos 'n Ari'el (Leeu van die Magtige God) wees.
- 3 Ek sal kamp opslaan teen jou en jou omsingel en Ek sal beleëringswerke en gevegstorings teen jou oprig.
- 4 Dan sal jy laag gebring word; vanaf die aarde sal jy praat en vanuit die stof waar jy platlê sal jou woorde kom. Jou stem sal wees soos die van 'n gees vanuit die grond en jou stem sal fluister vanuit die stof,
- 5 maar die menigte van jou vyande sal word soos fyn stof en die menigte van die gewetenloses soos die kaf wat wegwaai; dit sal gou, onverwags gebeur.
- 6 Vanaf יְהוָה-Tzva'ot sal jy gestraf word met donder en aardbewing en groot geraas, warrelwind en storm en die vlam van 'n verterende vuur.
- 7 Die menigte van al die nasies wat oorlog maak teen Ari'el, almal wat teen hom en sy vesting oorlog maak en hom benoud maak, sal soos 'n droom wees, 'n visioen van die nag.
- 8 Dit sal wees soos wanneer 'n honger man droom dat hy eet, maar wanneer hy wakker word is sy honger nie versadig nie, of soos wanneer 'n dors man droom dat hy drink, maar wanneer hy wakker word, let op, hy is moeg en sy dors is nie geles nie. Sô sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog maak teen die berg Tziyon.
- 9 Hulle is stomgeslaan en verblind, hulle word gepla en steier; hulle word dronk, maar nie van wyn nie; hulle steier, maar nie van sterk drank nie,

- 10 want יהוה het 'n gees van diepe slaap oor hulle uitgegooi en dit het hulle oë, asook die oë van die profete en heersers, ^{Deut 29:3,4; Yes 6:9; Yeg 12:2; Mat 13:14,15; Yog 12:40; Rom 11:8} die sieners, wat die geheime sien, toegemaak.
- 11 Die hele visioen sal vir julle wees soos die woorde van 'n geseëde boek wat, wanneer hulle dit vir iemand gee wat kan lees en sê: "Lees hierdie asseblief," sal hy sê: "Ek kan nie, want dit is geseël."
- 12 Dan sal die boek vir iemand gegee word wat nie kan lees nie, met die woorde: "Lees hierdie asseblief," en hy sal sê: "Ek kan nie lees nie."
- 13 Toe het יהוה gesê: "Omdat hierdie volk naderkom met hulle woorde en My eer met hulle lippediens, maar hulle verstand, wil en emosie ver van My verwyder is en hulle respekvolle vrees vir My uit 'n aangeleerde tradisie bestaan; ^{Mat 15:8,9; Mar 7:6,7}
- 14 let op, sal Ek weereens wonderlik handel met hierdie volk, wonderbaarlik wonderlik en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan en die onderskeiding van hul onderskeidende manne sal weggesteek word." ^{Luk 10:21; Rom 1:21,22; 1 Kor 1:19}
- 15 Wee hulle wat hul planne diep wegsteek vir יהוה, wie se werk in duisternis plaasvind en sê: "Wie sien ons" en "wie ken ons?"
- 16 Julle draai dinge om! Moet die pottelbakker as gelyk met die klei beskou word sodat wat gemaak is vir sy maker kan sê: "Hy het my nie gemaak nie," of wat gevorm is vir hom wat hom gevorm het kan sê: "Hy het geen begrip nie?" ^{Yes 45:9; Rom 9:20}
- 17 Is dit nie net nog 'n baie kort rukkie voordat die L'vanon in 'n vrugbare land verander word en die vrugbare land as 'n woud beskou word nie?
- 18 In dié dag sal die dowes woorde uit 'n boek hoor en uit hulle donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien. ^{Mat 11:5}
- 19 Die geteisterdes sal ook hulle vreugde in יהוה vergroot en die behoeftiges onder die mense sal in die rondte swaai van vreugde in die Afsonderde van Yisra'el,
- 20 want die gewetenlose sal tot 'n einde kom en die spotter sal ophou. Inderdaad sal almal wat ingestel is om boos te wees afgesny word;
- 21 hulle wat 'n mens laat aankla deur 'n woord en strikke span vir hom wat vir die reg oordeel in die poort en die regverdige met betekenislose argumente bedrieg;
- 22 daarom, so sê יהוה, wat Avraham vrygekoop het, aangaande die huis van Ya'akov: "Ya'akov sal nie nou beskaamd staan nie en sy gesig sal ook nie nou bleek word nie," ^{Deut 32:6}
- 23 maar wanneer hy sy seuns, die werk van My hande, in sy midde sien, sal hulle die Afsonderde Een van Ya'akov afsonder en in respekvolle vrees wees tot die God van Yisra'el.
- 24 Hulle wat afdwaal in hulle gees sal die waarheid ken en hulle wat kritiseer sal instruksies aanvaar.
- 30** ¹ "Wee die opstandige seuns," sê יהוה, "wat 'n plan uitvoer, maar nie Myne nie, wat 'n alliansie maak, maar nie van My Gees nie, om sodoende sonde by sonde te voeg;
- 2 wat voortgaan af na Mitzrayim sonder om My te raadpleeg, om toevlug te soek onder die veiligheid van Farao en om skuiling te soek in die skaduwee van Mitzrayim!

- 3 Die veiligheid van Farao sal daarom julle skande wees en die skuiling in die skaduwee van Mitzrayim julle vernedering,
- 4 want hulle prinse is by Tzo'an en hulle ambassadeurs het in Hanes aangekom.
- 5 Almal sal beskaamd staan vanweë 'n volk wat vir hulle geen voordeel inhou nie, wat geen hulp of voordeel is nie, maar tot skande en oneer."
- 6 Die profetiese visioen: 'die wilde diere van die Negev': deur 'n land van benoudheid en angs, vanwaar leeuwyfie en leeu, adder en vlieënde draak kom, vervoer hulle hul rykdom op die rûe van jong donkies en hulle skatte op die bulte van kamele, na 'n volk wat hulle nie kan bevoordeel nie;
- 7 na Mitzrayim, wie se hulp nietig en leeg is; daarom noem ek haar: "Die sterkte wat uitgeskakel is."
- 8 Gaan nou, skryf dit op 'n tablet in hulle teenwoordigheid en graveer dit op 'n boekrol dat dit kan dien in die toekoms, as 'n getuie vir ewig,
- 9 want hierdie is 'n rebelse volk, valse seuns, seuns wat weier om te luister na die instruksies van יהוה;
- 10 wat aan die sieners sê: "Moenie sien nie!" en vir die profete: "Moenie vir ons profeteer wat reg is nie; praat aangename woorde met ons, profeteer valshede.
- 11 Kom weg van die pad af, draai weg van die pad, laat ons niks meer hoor van die Afgesonderde Een van Yisra'el nie!"
- 12 Die Afgesonderde Een van Yisra'el sê daarom so: "Omdat julle hierdie boodskap verwerp het en julle vertrouwe geplaas het op onderdrukking en bedrog en daarop gesteun het,
- 13 sal hierdie oortreding vir julle wees soos 'n skeiding op die punt om te val, 'n bult in 'n hoë muur, wie se ineenstorting skielik, in 'n oomblik kom,
- 14 wie se ineenstorting is soos die breek van 'n pottebakker se kruik, so onverbiddelik stukkend geslaan dat by die brokstukke daarvan geen skerf gevind word om vuur uit die vuurherd te haal of om water uit die kuil te skep nie,"
- 15 want so het die Meester, יהוה, die Afgesonderde Een van Yisra'el gesê: "In erkenning, berou en rus sal julle gered word, in stil wees en vertrouwe bestaan julle krag," maar julle wou nie,
- 16 en julle het gesê: "Nee, want ons sal op perde vlug;" daarom sal julle vlug! "Ons sal op vinnige perde ry;" daarom sal julle agtervolgers vinnig wees!
- 17 Een duisend van julle sal vlug vir die bedreiging van een, julle sal vlug vir die bedreiging van vyf totdat julle oorbly soos 'n vlag op 'n bergtop en soos 'n banier op 'n heuwel;
- 18 daarom verlang יהוה om onverdiende guns aan julle te wys en daarom wag Hy van bo om vir julle om te gee, want יהוה is 'n God van regverdige oordeel; hoe geseënd is almal wat na Hom verlang!
- 19 O volk in Tziyon, inwoner van Yerushalayim, jy sal nie langer huil nie. Hy sal sekerlik onverdiende guns bewys op die klank van jou uitroep; wanneer Hy dit hoor, sal Hy jou antwoord.
- 20 Alhoewel יהוה vir jou brood van ontbering en water van onderdrukking gegee het, sal jou Leermeester Homself nie langer wegsteek nie, maar jou oë sal jou Leermeester sien.

- 21 Jou ore sal 'n woord agter jou hoor: "Hierdie is die pad, loop daarop," wanneer julle ook al na regs of na links wil afdraai. ^{Deut 5:32; 17:11}
- 22 Julle sal jul gesnede beelde, oorgetrek met silwer, asook die gegote beelde, oorgetrek met goud, ontreinig. Julle sal hulle verstrooi as 'n onrein ding en sê: "Weg daarmee!"
- 23 Dan sal Hy reën gee vir die saad wat jy in die grond sal saai en brood van die opbrengs van die grond en dit sal ryk en oorvloedig wees; op daardie dag sal jou vee op 'n ruim weiveld wei.
- 24 Ook die osse en die donkies wat die grond bewerk, sal gesoute voer eet, wat uitgewan is met graaf en vurk.
- 25 Op die dag van die groot slagting, wanneer die torings val, sal daar strome, wat met water loop, wees op elke hoë berg en op elke verhewe heuwel.
- 26 Die lig van die maan sal wees soos die lig van die son en die lig van die son sal sewe keer helderder wees, soos die lig van sewe dae, op die dag wanneer יהוה die breuk van sy volk opbind en die pyn van hulle wond genees.
- 27 Let op, die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה kom van ver af, Sy toorn brand en dig is Sy rookwolke; Sy lippe is vol verontwaardiging en Sy tong is soos 'n verterende vuur;
- 28 Sy asem is soos 'n oorlopende stroom wat tot by die nek kom, om die nasies heen en weer te skud in 'n sif en om die toom, wat lei tot vernietiging, in die kakebene van die volke te sit.
- 29 Julle sal liederes hê soos in die nag wanneer julle die fees hou en blydschap van binne soos wanneer iemand marsjeer op die fluit, om te gaan na die berg van יהוה, na die Rots van Yisra'el.
- 30 יהוה sal Sy stem van outoriteit laat hoor en die afkom van Sy arm laat sien in vreeslike toorn en in die vlam van 'n verterende vuur, in wolkbreuk en haelkorrels,
- 31 want met die stem van יהוה sal Ashur bevrees wees, ^{2 Kef 3:10-12} Hy slaan met die stok.
- 32 Elke hou van die lat van straf, wat יהוה op hom sal lê, sal wees met tamboeryn en siter musiek en in gevegte, met swaaiende wapens, sal Hy teen hulle veg,
- 33 want sy straf is lankal al gereed, inderdaad is dit vir die koning voorberei. Hy het dit diep en groot gemaak, 'n brandstapel van vuur met baie hout; soos 'n stroom van swawelvuur, steek die asem van יהוה dit aan die brand.
- 31** 1 Wee hulle wat na Mitzrayim aftrek vir hulp, wat vertrou op perde en in strydwaens omdat daar baie is en op perderuiters omdat hulle baie sterk is, maar hulle kyk nie na die Afgesonderde van Yisra'el of soek nie na יהוה nie. ^{Ps 20:8}
- 2 Nogtans is Hy ook wys en sal 'n ramp bring en trek nie Sy woorde terug nie, maar sal opstaan teen die huis van die boosdoeners en teen die hulp van die werkers van boosheid.
- 3 Nou, die Mitzrayimiete is mense en nie God nie en hulle perde is vlees en nie geestes nie; so sal יהוה Sy hand uitstrek en hy wat help sal struikel en wie gehelp is, sal val en almal van hulle sal saam tot 'n einde kom,

- 4 want so sê יהוה vir my: "Soos die leeu of die jong leeu grom oor sy prooi wanneer 'n groep herders teen hom uitgeroep word, sal hy nie beangs wees vir hulle stem of omgekrap wees oor hulle geraas nie, só sal יהוה-Tzva'ot afkom om oorlog te maak vir die berg Tziyon en sy heuwel."
- 5 Soos swewende voëls, so sal יהוה-Tzva'ot op Yerushalayim afkom. Hy sal afkom om dit te beskerm, te bevry en dit red.
- 6 Draai terug na Hom van Wie julle ver weggeval het, o seuns van Yisra'el,
- 7 want in dié dag sal elke mens sy silwer afgode en sy goue afgode weggooi, wat julle sondige hande vir julle as 'n sonde gemaak het.
- 8 Ashur sal val deur 'n swaard, nie van 'n man nie en 'n swaard, nie van 'n mens nie, sal hom verteer. So sal hy nie die swaard ontvlug nie en sy jongmanne sal dwangarbeiders word. ^{2 Kon 19:37}
- 9 "Hy sal bly in sy rotsagtige blyplekke en sy prinse sal oorwin word voor die banier," verklaar יהוה, wie se vuur in Tziyon is en wie se vuuroond in Yerushalayim is.
- 32** 1 Let op, 'n koning sal in onpartydige opregtheid regeer en prinse sal regverdig heers.
- 2 Elkeen sal wees soos 'n toevlug teen die wind en 'n skuiling teen die storm, soos waterstrome in 'n droë land, soos die skaduwee van 'n groot rots in 'n geskroeiende land.
- 3 Dan sal die oë van die wat sien nie meer verblind wees nie en die ore van die wat luister, sal hoor.
- 4 Die verstand van die onverstandiges sal die waarheid onderskei en die tong van die hakkelaars sal gou wees om duidelik te praat.
- 5 Die dwaas sal nie meer edel genoem word nie, of die skurk van gepraat word as verlosser nie,
- 6 want 'n dwaas praat onsin en sy verstand, wil en emosie neig na boosheid: om vals voor te doen en leuens teen יהוה te praat; om die honger persoon onversadig te hou en drinkgoed terug te hou van hulle wat dors is.
- 7 Die skurk se wapens is wetteloosheid; hy beraam bese planne om die geteisterdes te vernietig met leuens, alhoewel die getuienis van die behoeftige reg is,
- 8 maar die edele beraam groot planne en hy sal op sy grootheid staan.
- 9 Staan op, geruste vroue, hoor my stem! Selfvoldane dogters, luister na my boodskap!
- 10 Baie jare en dae sal julle sidder, o selfvoldane dogters, want die druiwe-oes is verby en die insameling van vrugte sal nie kom nie.
- 11 Bewe, geruste vroue! Wees bekommerd, selfvoldane dogters! Trek julle klere uit en trek rougewade om julle heupe.
- 12 Slaan op julle borste oor die aangename velde, oor die vrugbare wingerde,
- 13 vir die land van My volk, waar dorings en distels sal opkom; ja, vir al die vreugdevolle huise en die uitgelate stad,
- 14 want die paleis is verlate, die bevolkte stad is in die steek gelaat; die heuwel en die wagtoring het grotte geword vir ewig, 'n vreugde vir die wilde-donkies, 'n weiveld vir troppe vee.

- 15 Wanneer die Gees oor ons uitgegiet word vanuit die hoogte en die wildernis 'n vrugbare veld word en die vrugbare veld as 'n woud gereken word,
 16 dan sal regverdige oordeel in die wildernis bly en onpartydige opregtheid in die vrugbare veld.
 17 Die werke van onpartydige opregtheid sal vrede wees en die diens van onpartydige opregtheid, rustigheid en veiligheid vir ewig. ^{Ya'a 3:18}
 18 Dan sal My volk in 'n vredevolle blyplek, in veilige huise en in onverstoorde plekke van rus bly;
 19 as die hael sou neerval op die woud, sal dit nie op jou kom nie en jy sal so versekerd wees soos die op 'n vlakte.
 20 Hoe gelukkig sal julle wees, julle wat langs al die waters saai, wat die os en die donkie vry laat uitkom!

- 33** 1 Wee jou, vernietiger terwyl jy nie vernietig is nie en jy wat vals is teen wie nie vals opgetree is nie! Sodra jy klaar vernietig het, sal jy vernietig word; sodra jy klaar vals opgetree het, sal ander vals teenoor jou optree.
 2 יְהוָה, bewys ons onverdiende guns; ons het op U gewag. Wees hulle Sterkte elke oggend, ons Verlossing ook in die tyd van benoudheid!
 3 Met die klank van die opskudding vlug die volke; as U Uself oplik, word nasies verstrooi.
 4 Julle buit word bymekaargemaak soos die rusper bymekaargemaak word; soos 'n swerm sprinkane wanneer dit bymekaargemaak word.
 5 יְהוָה is hoog opgelig, want Hy bly in die hoogte; Hy het Tziyon vol regverdige oordeel en onpartydige opregtheid gemaak
 6 en Hy sal die Standvastigheid van julle tye wees, 'n Rykdom van verlossing, wysheid en kennis; die respekvolle vrees van יְהוָה is Sy skat.
 7 Let op, hulle helde skree in die strate, die ambassadeurs van vrede huil bitterlik.
 8 Die hoofpaaie is verlate, die reisigers het opgehou. Hy het die verbond verbreek, die stede verag, Hy neem die mens nie in ag nie.
 9 Die land treur en kwyn weg; L'vanon staan beskaamd en verwelk; Sharon is soos 'n woestynvlakte, Bashan en Karmel het hul blare verloor.
 10 "Nou sal Ek opstaan," sê יְהוָה, "nou sal Ek verhoog word, nou sal Ek opgelig word.
 11 Julle het bevrug geraak van strooi, julle sal geboorte gee aan stoppels; My asem sal julle verteer soos 'n vuur.
 12 Die volke sal verbrand word tot kalk, soos afgekapte dorings wat in die vuur verbrand word.
 13 Julle wat ver weg is, hoor wat Ek gedoen het en julle wat naby is, erken My mag!"
 14 Die sondaars in Tziyon is vreesbevange; bewing het die wettelose aangegryp. "Wie van ons kan leef met die verterende vuur? ^{Heb 12:29} Wie van ons kan leef met voortdurende gebrand?"

- 15 Hy wat in onpartydige opregtheid loop en met openhartigheid praat; hy wat onregverdige wins verwerp en sy hande skud sodat hulle geen omkoopgeskenk vashou nie; hy wat sy oor toestop om nie van bloedvergieting te hoor nie en sy oë toemaak om nie na boosheid te kyk nie;
- 16 hy sal op die hoogtes woon, sy skuiling sal die ondeurdringbare Rots wees; sy brood sal vir hom gegee word, sy water sal seker wees.
- 17 Jou oë sal die Koning in Sy skoonheid aanskou; hulle sal 'n ver land sien.
- 18 Jou verstand, wil en emosie sal terreur deurdink: "Waar is hy wat tel? Waar is hy wat weeg? Waar is hy wat die torings tel?"
- 19 Jy sal nie langer 'n woeste volk sien nie, 'n volk met onverstaanbare spraak wat niemand begryp nie, met 'n haggelende tong, wat niemand verstaan nie. ^{Deut 28:49,50}
- 20 Kyk oor Tziyon, die stad van ons aangestelde feeste! Jou oë sal Yerushalayim sien, 'n onaangeraakte blyplek, 'n tent wat nie opgevou sal word nie, sy penne sal nooit uitgetrek word of enige van sy toue losgeskeur word nie,
- 21 maar daar sal יהודה, die Majestueuse, vir ons 'n Plek van riviere en breë kanale wees, waarop geen roeiskepe sal vaar nie en waarop geen kragtige skip verby sal gaan nie,
- 22 want יהודה is ons Regter, יהוה is ons Wetgewer, יהוה is ons Koning; Hy sal ons red.
- 23 Jou toue hang slap; dit kan nie die voetstuk van hulle mas styf vashou, of die seil uitsprei nie. Dan sal die roof van 'n oorvloedige buit verdeel word; die lammes sal die buit vat
- 24 en geen inwoner sal sê: "Ek is siek", nie. Die mense wat daarin woon, se oortredinge sal vergewe wees.

- 34** 1 Kom nader, o nasies, om te hoor en luister o volke! Laat die aarde en alles wat daarin is luister en hoor en die wêreld en alles wat daaruit voortkom,
- 2 want die verontwaardiging van יהוה is teen al die nasies en Sy toorn teen al hulle weermagte; Hy het hulle ten volle vernietig, Hy het hulle oorgegee aan slagting.
- 3 Hulle gesneuweldes sal uitgegooi word en hulle lyke sal stank afgee en die berge sal deurdrenk wees met hulle bloed.
- 4 Al die leërskepe van die hemel sal weggwyn en die hemel sal opgerol word soos 'n boekrol en al sy leërskaars sal ook verwelk soos 'n blaas van die wingerdstok verwelk of soos een wat van die vyeboom af afval, ^{Mat 24:29}
- 5 want My swaard is versadig in die hemel; let op, dit sal afkom op Edom vir oordeel en op die volk wat Ek uitgesonder het vir vernietiging.
- 6 Die swaard van יהוה is vol bloed, dit is deurdrenk van vet, met die bloed van lammers en bokke, van die niervet van ramme, want יהוה het 'n offer in Botzrah en 'n groot slagting in die land van Edom geoffer.
- 7 Wilde bulle (Aurogs) sal saam met hulle val en die jong bulle saam met die sterkes; so sal hulle land deurdrenk word met bloed en hulle stof oliërig word met vet,
- 8 want יהוה het 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding vir die regspraak van Tziyon.
- 9 Sy strome sal in pik verander word, sy los grond in swawelvuur en sy land sal brandende pik word.

- 10 Dit sal nie snags of oordag uitgeblus word nie; die rook sal vir ewig opgaan. Van geslag tot geslag lê dit verlate; vir ewig en ewig sal niemand daar deurgaen nie,
 11 maar pelikane en uile sal dit besit en kraaie en volstruise sal daarin bly en Hy sal die maatband van die swaard daaroor uitstrek en daar sal geen vreugde wees nie.
 12 Sy edeles, daar sal niemand wees wat hulle as koning kan verklaar nie en al sy prinse sal niks wees nie.
 13 Dorings sal in sy versterkte torings opkom, brandnetels en distels in sy versterkte stede; dit sal 'n tuiste vir monsters, 'n blyplek vir die dogters van volstruise wees.
 14 Die woestyn gediertes sal die wolwe ontmoet; die wolhaar bok sal ook na sy soort roep; ja, die nagmonster sal daar bly en vir haarself 'n rusplek vind.
 15 Die groot uil sal haar nes daar maak, eiers lê, uitbroei en onder haar skaduwee bymekaarmaak. Ja, die aasvoëls sal daar bymekaarkom, elkeen met haar maat.
 16 Soek in die boek van יִרְמְיָהוּ en lees: nie een van hierdie sal ontbreek nie; nie een sal sy maat soek nie, want Sy mond het beveel en Sy Gees het hulle bymekaargebring.
 17 Hy het vir hulle die lot gewerp en Sy hand het dit vir hulle met die maatlyn verdeel. Hulle sal dit vir ewig besit, van geslag tot geslag sal hulle daarin woon.

35 1 Die geskroeiende wildernis sal bly wees en die woestyn sal bly wees en bot soos die veldsaffraan;

2 dit sal lustig bot en verheug wees met gejuig en uitroepe van vreugde. Die lof en eer van die L'vanon sal daaraan gegee word, die majesteit van Karmel en Sharon. Hulle sal die lof, eer en waarde van יְהוָה sien, die majesteit van ons God.

3 Bemoedig die uitgeputte en versterk die swakke. ^{Heb 12:12}

4 Sê aan die wat vreesagtig van verstand, wil en emosie is: "Hou moed, moenie vrees nie! Let op, julle God, die Vergelder, kom; God, die Verlosser, kom om julle te verlos.

5 Dan sal die oë van die blindes oopgemaak en die ore van die dowes ontsluit word.

6 Dan sal die verlamde spring soos 'n bok en die tong van die stomme sal skree van vreugde, want waters sal uitbreek in die wildernis en strome in die woestyn. ^{Mat 11:5}

7 Die verskroeiende land sal 'n waterpoel word en die dorsland, fonteine van water; in die gate van jakkalse, hulle rusplek, is gras, riete en biesies.

8 Dáár sal 'n hoofweg wees, 'n pad, wat 'die hoofweg van Afgesonderdheid' genoem sal word. Die onreine sal nie daarop reis nie, maar dit sal vir hulle wees wat op daardie pad loop en die dwase sal nie daarop rondloop nie.

9 Dáár sal geen leeu wees nie en geen gevaarlike dier sal daarop kom nie. Hierdie sal nie daar gekry word nie, maar die vrygekooptes sal daarop loop

10 en die losgekooptes van יִרְמְיָהוּ sal teruggaan en na Tziyon kom met uitroepe van blydschap, met ewige vreugde op hulle koppe. Hulle sal vreugde en blydschap vind en droefheid en sugtinge sal wegvlug.

36 1 In die veertiende jaar van koning Hizkiyahu het Sangeriv, koning van Ashur, opgetrek teen al die versterkte stede van Y'hudah en hulle verower. ^{2 Kon 18:13-}

2 Die koning van Ashur het vir Rav-Shakeh vanaf Lakhish na Yerushalayim gestuur, na koning Hizkiyahu, met 'n groot leër en hy het gaan staan by die watervoor van die boonste poel, op die hoofpad van die wasser se veld.

- 3 Toe het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die skrywer en Yo'ag, die seun van Asaf, die griffier, na hom toe uitgekom.
- 4 Toe sê Rav-Shakeh vir hulle: "Sê nou vir Hizkiyahu: 'So sê die groot koning, die koning van Ashur: "Wat is hierdie selfvertroue wat jy het?"
- 5 Ek sê: 'Jou raad en krag vir die oorlog is net leë woorde.' Op wie vertrou jy dat jy teen my rebelleer het?"
- 6 Let op, jy vertrou op die staf van die geknakte riet, op Mitzrayim, wat, as iemand daarop leun, in sy hand sal ingaan en dit deurboor; so is Farao, koning van Mitzrayim, vir almal wat op hom vertrou.
- 7 As jy egter vir my sê: 'Ons vertrou op יהוה, ons God,' is dit nie Hy Wie se hoë plekke en Wie se altare Hizkiyahu verwyder het en vir Y'hudah en Yerushalayim gesê het: 'Voor hierdie altaar moet julle aanbid,' nie?"
- 8 Nou daarom, kom wed tog met my meester, die koning van Ashur en ek sal vir jou twee duisend perde gee as jy van jou kant af ruiters daarop kan sit.
- 9 Hoe kan jy dan die aanval van 'n enkele amptenaar van my meester se geringste dienaars weerstaan en op Mitzrayim vertrou vir strydwaens en perderuiters?"
- 10 Het ek nou sonder יהוה se goedkeuring teen hierdie land opgetrek om dit te verwoes? יהוה het vir my gesê: 'Trek op teen hierdie land en verwoes dit.'""
- 11 Toe sê Elyakim, Shevnah en Yo'ag vir Rav-Shakeh: "Praat nou met u diensknegte in Aramees, want ons verstaan dit en moenie met ons in Hebreeus praat voor die ore van die manskappe wat op die muur is nie."
- 12 Rav-Shakeh het egter gesê: "Het my meester my slegs na jou meester en na julle toe gestuur om hierdie woorde te sê en nie na die manne wat op die muur sit, wat hulle eie drek sal eet en hul eie urine sal drink, saam met julle nie?"
- 13 Toe gaan Rav-Shakeh staan en roep hardop in Hebreeus uit en sê: "Hoor die woorde van die groot koning, die koning van Ashur!"
- 14 So sê die koning: 'Moenie dat Hizkiyahu julle bedrieg nie, want hy sal julle nie kan red nie;
- 15 moet ook nie dat Hizkiyahu julle op יהוה laat vertrou deur te sê: "יהוה sal ons sekerlik bevry nie; hierdie stad sal nie in die hand van die koning van Ashur oorgegee word nie.'"
- 16 Luister nie na Hizkiyahu nie, want so sê die koning van Ashur: 'Maak vrede met my en kom uit na my toe en eet elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom en drink elkeen die water van sy eie put
- 17 totdat ek kom en julle wegvat na 'n land soos julle eie land, 'n land van graan en nuwe wyn, 'n land van brood en wingerde.
- 18 Moenie dat Hizkiyahu julle mislei deur te sê: "יהוה sal ons bevry," nie. Het enige van die gode van die nasies hulle land bevry uit die hand van die koning van Ashur?"
- 19 Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van S'farvayim? Wanneer het hulle Shomron uit my hand bevry?"
- 20 Wie is daar onder al die gode van hierdie lande wat hulle land bevry het uit my hand dat יהוה Yerushalayim uit my hand sou bevry?"

- 21 Hulle het egter stilgebly en hom niks geantwoord nie, want die koning se opdrag was: “Moet hom nie antwoord nie.”
- 22 Toe het Elyakim, die seun van Hilkiyahu, wat oor die huishouding was, Shevnah, die skrywer en Yo'ag, die seun van Asaf, die griffier, met geskeurde klere by Hizkiyahu gekom en hom die woorde van Rav-Shakeh vertel.
- 37** 1 Toe koning Hizkiyahu dit hoor, het hy sy klere geskeur, hom met 'n roukleed bedek en in die huis van יהוה ingegaan.
- 2 Toe stuur hy vir Elyakim, wat oor die huishouding was, Shevnah, die skrywer, en die oudstes van die priesters, met rouklere bedek, na Yesha'yahu die profeet, die seun van Amotz.
- 3 Hulle sê vir hom: “So sê Hizkiyahu: ‘Hierdie dag is 'n dag van benoudheid, bestraffing en verwerping, want die kinders het tot by geboorte gekom en daar is geen krag om geboorte te gee nie.
- 4 Miskien sal יהוה, u God, die woorde van Rav-Shakeh hoor wat sy meester, die koning van Ashur, gestuur het om die Lewende God te onteer en die woorde wat יהוה, u God, gehoor het, bestraf; daarom, offer 'n gebed vir die wat oorgebly het.’”
- 5 Die diensknegte van koning Hizkiyahu het by Yesha'yahu gekom.
- 6 Yesha'yahu het vir hulle gesê: “So moet julle jul meester antwoord: ‘So sê יהוה: “Moenie bang wees as gevolg van die woorde wat jy gehoor het, waarmee die diensknegte van die koning van Ashur sleg van My gepraat het nie.
- 7 Let op, Ek sal 'n gees in hom plaas sodat hy 'n gerug sal hoor en na sy eie land sal teruggaan en Ek sal hom in sy eie land deur die swaard laat val.’”
- 8 Toe het Rav-Shakeh teruggegaan en die koning van Ashur gekry, veggend teen Livnah, want hy het gehoor dat die koning Lakhish verlaat het
- 9 nadat hy hoor-sê het aangaande Tirhakah, koning van Kush: “Hy het uitgekom om teen u te veg.” Toe hy dit hoor, stuur hy boodskappers na Hizkiyahu om te sê:
- 10 “So moet julle vir Hizkiyahu, koning van Y'hudah, sê: ‘Moenie dat u God op wie u vertrou, u bedrieg nie deur te sê: “Yerushalayim sal nie in die hand van die koning van Ashur oorgegee word nie.”
- 11 Let op, u het gehoor wat die konings van Ashur aan al die lande gedoen het deur hulle volkome te vernietig. Dus, sal ú gespaar word?
- 12 Het die gode van daardie nasies, wat my vaders vernietig het, hulle bevry: Gozan, Haran, Retzef en die seuns van 'Eden wat in Tel'assar was?
- 13 Waar is die koning van Hamat, die koning van Arpad, die koning van die stad van S'farvayim, van Hena en 'Ivah?’”
- 14 Toe vat Hizkiyahu die brief uit die hand van die boodskappers, lees dit, gaan op na die huis van יהוה en sprei dit uit voor die Teenwoordigheid van יהוה.
- 15 Hizkiyahu het tot יהוה gebed en gesê:
- 16 “O, יהוה-Tzva'ot, God van Yisra'el, wat bo die gérubs op die troon is; U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde; U het die hemel en die aarde gemaak.
- 17 O יהוה, draai U oor en hoor! יהוה, maak oop U oë en sien en luister na al die woorde van Sangeriv, wat hy gestuur het om die Lewende God te onteer!

- 18 Dit is waar, o יהודה, die konings van Ashur het al die lande en hulle streke verwoes
 19 en hulle gode in die vuur gegooi, want hulle was nie gode nie, maar die werk van mensehande, hout en klip, hulle het hul vernietig.
- 20 Nou, יהודה, ons God, bevry ons vanuit sy hand sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יהודה, alleen God is.”
- 21 Toe stuur Yesha'yahu, die seun van Amotz, woord vir Hizkiyahu en sê: “So sê יהודה, die God van Yisra'el: ‘Omdat jy tot My gebid het aangaande Sangeriv, koning van Ashur,
- 22 is hierdie die woord wat יהודה teen hom uitgespreek het: “Sy het jou verag en met jou gespot, die maagdelike dogter van Tziyon; sy het haar kop agter jou geskud, die dogter van Yerushalayim!
- 23 Wie het jy oenteer en sleg van gepraat? Teen wie het jy jou stem verhef en jou oë hoogmoedig opgelig? Teen die Afgesonderde Een van Yisra'el!
- 24 Deur jou diensknegte het jy יהודה oenteer en jy het gesê: “Met my menigte strydwaens het ek gekom tot by die hoogtes van die berge, tot by die afgesonderdste dele van L'vanon en ek kap sy hoë seders af, die keur van sy sipresse en ek sal na sy hoogste pieke gaan, sy digste woud.
- 25 Ek het gegrawe en water gedrink en met die sool van my voete al die strome van Mitzrayim laat opdroog.”
- 26 Het jy nie gehoor nie? Ek het dit lank terug gedoen, van die oudste tye af het Ek dit beplan en nou het Ek dit laat gebeur dat jy versterkte stede tot puinhope sal verander.
- 27 Hulle inwoners was swak, hulle is ontsteld en verslane; hulle was soos plante van die veld en soos groen kruie, soos gras op die dakke, sagte grashalms, verskroei voordat dit volgroeï is,
- 28 maar Ek ken jou sit en jou uitgaan en jou inkom en hoe jy teen My woed.
- 29 Ek sal My haak in jou neus sit en My toom tussen jou lippe en jou terugdraai met die pad waarmee jy gekom het omdat jy teen My woed en omdat jou arrogansie opgekom het tot My ore.
- 30 Dan sal hierdie vir jou die teken wees: jy sal hierdie jaar eet wat vanself groei, in die tweede jaar wat van dieselfde opkom en in die derde jaar, saai, oes, plant wingerde en eet hulle vrugte.
- 31 Die oorlewendes wat oorgebly het van die huis van Y'hudah sal weer wortel skiet ondertoe en vrugte dra boontoe,
- 32 want vanuit Yerushalayim sal wat oorbly uitgaan en oorlewendes vanaf die berg Tziyon. ^{Hand 1:8} Die ywer van יהודה-Tzva'ot sal dit uitvoer.’
- 33 So sê יהודה daarom aangaande die koning van Ashur: ‘Hy sal nie na hierdie stad kom of daar ’n pyl na skiet nie en hy sal nie voor dit kom met ’n skild of ’n beleëringswal teen dit gooi nie.
- 34 Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie na hierdie stad kom nie,’ sê יהודה,
- 35 ‘want Ek sal hierdie stad verdedig om dit te red om My eie en om My kneg Dawid se ontwil.’”

36 Toe het die boodskapper van יהודה uitgegaan en een honderd vyf en tagtig duisend in die laer van Ashur verslaan en toe mense die oggend vroeg opstaan, let op, was hulle kamerade almal dood.

37 Sangeriv, koning van Ashur, het vertrek, teruggegaan en in Ninveh gebly.

38 Dit het gebeur terwyl hy hom neerbuig in die huis van Nisrokh, sy god, dat Adrammelekh en Shar'etzer, sy seuns, hom met die swaard doodgemaak het en hulle het ontvlug na die land van Ararat. Esar-Haddon, sy seun, het koning geword in sy plek.

38 1 In daardie dae het Hizkiyahu dodelik siek geword en Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz, het by hom gekom en vir hom gesê: “So sê יהודה: “Kry u huis in orde, want u sal sterf en nie lewe nie.” ^{2 Kon 20; 2 Kron 32:25,26}

2 Toe draai Hizkiyahu sy gesig na die muur en bid tot יהודה,

3 en het gesê: “Onthou nou, יהודה, ek smeeek U, hoe ek voor U in waarheid en met 'n volkome verstand, wil en emosie geloop het en gedoen het wat goed is in U oë.” Hizkiyahu het bitterlik gehuil.

4 Toe het die woord van יהודה tot Yesha'yahu gekom en gesê:

5 “Gaan sê vir Hizkiyahu: ‘So sê יהודה, die God van jou vader Dawid: “Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; let op, Ek sal vyftien jaar by jou lewe byvoeg.

6 Ek sal jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Ashur bevry en Ek sal hierdie stad verdedig.”

7 Hierdie sal vir jou die teken wees vanaf יהודה dat יהודה hierdie ding wat Hy gesê het, sal doen:

8 “Let op, Ek sal dat die skaduwee op die trappe, wat afgegaan het met die son, op die trappe van Agaz, tien stappe teruggaan.” Die son se skaduwee het tien stappe teruggegaan op die trappe waarop dit afgegaan het.

9 'n Geskrif van Hizkiyahu, koning van Y'hudah, nadat hy siek was en gesond geword het:

10 Ek het gesê: “In die middel van my lewe moet ek die poorte van Sh'ol binnegaan; ek word beroof van die res van my jare.”

11 Ek het gesê: “Ek sal יהודה nie sien nie, יהודה, in die land van die lewendes; ek sal die mens nie meer sien onder die inwoners van die wêreld nie.

12 Soos 'n herderstent word my blyplek opgebreek en van my af verwyder; soos 'n wewer het ek my lewe opgerol. Hy sny my van die wewersbalk af; vanaf oggend tot aand het U my oorgegee aan my lot.

13 Ek het myself in toom gehou tot die oggend. Soos 'n leeu, só breek Hy al my bene; vanaf oggend tot aand het U my oorgegee aan my lot.

14 Soos 'n swaweltjie tjirp, so het ek gebabbel; ek het gekla soos 'n duif; my oë het dof na die hoogtes gekyk: יהודה, bevry my en vertroos my!

15 Wat sal ek sê? Want Hy het met my gepraat en Hyself het dit gedoen; Ek sal al my jare ronddwaal as gevolg van die bitterheid van my lewe.

16 O יהודה, deur hierdie dinge leef die mens en in dit alles is die lewe van my gees; herstel my tot gesondheid en laat my lewe!

- 17 Let op, ek het groot bitterheid gehad vir my eie welsyn, maar U was tevrede met my lewe en het dit weggehou van die put van vernietiging, want U het al my sondes agter U rug gegooi,
- 18 want Sh'ol kan U nie bedank nie, die dood kan U nie prys nie; die wat afgaan in die put kan nie hoop op U getrouheid nie.
- 19 Dit is die lewende wat aan U dank bring, soos ek vandag doen; 'n vader vertel sy seun van U vertrouenswaardigheid.
- 20 יהוה sal my sekerlik red; ons sal my lied op snaarinstrumente speel al die dae van ons lewe, by die huis van יהוה."
- 21 Yesha'yahu het gesê: "Laat hulle 'n vyekoek vat en dit op die sweer sit sodat hy kan herstel."
- 22 Toe het Hizkiyahu gesê: "Wat is die teken dat ek sal opgaan na die huis van יהוה?"

- 39** 1 In daardie tyd het M'rodakh-Bal'adan, die seun van Bal'adan, koning van Bavel, 'n brief en 'n geskenk vir Hizkiyahu gestuur, want hy het gehoor dat hy siek was en gesond geword het.
- 2 Hizkiyahu was bly en het aan hulle sy skathuis gewys, die silwer, die goud, die speserye, die kosbare olie, sy hele arsenaal en alles wat te vinde was in sy skatkamers. Daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hizkiyahu nie vir hulle gewys het nie.
- 3 Toe kom die profeet Yesha'yahu na koning Hizkiyahu en sê vir hom: "Wat het hierdie manne gesê en waarvandaan het hulle na u toe gekom?" Hizkiyahu antwoord: "Uit 'n ver land het hulle na my toe gekom, uit Bavel."
- 4 Hy sê: "Wat het hulle in u huis gesien?" Hizkiyahu antwoord: "Hulle het alles gesien wat in my huis is; daar is niks in my skatkamers wat ek hulle nie gewys het nie."
- 5 Toe sê Yesha'yahu vir Hizkiyahu: "Luister en hoor die woord van יהוה-Tzva'ot:
- 6 'Let op, die dae kom dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders opgeberg het tot vandag toe, na Bavel weggedra sal word; daar sal niks oorbly nie,' sê יהוה.
- 7 'Van jou seuns wat uit jou sal voortkom, wat jy sal verwek, sal weggevat word en hulle sal amptenare in die paleis van die koning van Bavel word."
- 8 Toe sê Hizkiyahu vir Yesha'yahu: "Die boodskap van יהוה wat u gebring het, is goed," want hy het gedink: "Daar sal vrede en waarheid in my dae wees!"

- 40** 1 "Troos, troos My volk," sê julle God.
- 2 "Praat sag met Yerushalayim en roep uit na haar dat haar oorlog verby is, dat haar oortreding verwyder is en dat sy uit die hand van יהוה dubbel ontvang het vir al haar sondes."
- 3 'n Stem roep uit: "Berei die pad van יהוה voor in die wildernis; maak die pad gelyk in die woestyn, 'n grootpad vir ons God! Mal 3:1; Mat 3:3; Mar 1:3; Luk 1:76; 3:4; Yog 1:23
- 4 Laat elke vallei opgevol en elke berg en heuwel laag gemaak word en laat die steil grond 'n vlakte word en die rotsagtige plekke 'n breë vallei.
- 5 Dan sal die lof, eer en waarde van יהוה openbaar word en alle vlees sal saam sien, want die mond van יהוה het gepraat."

- 6 'n Stem sê: "Roep uit!" Toe antwoord hy: "Wat moet ek uitroep?" "Alle vlees is gras en al sy mooiheid soos die blom van die veld.
- 7 Die gras verdor, die blom verwelk wanneer die asem van יָהוָה daaroor blaas. Sekerlik is die mense gras!
- 8 Die gras verdor, die blom verwelk, maar die boodskap van ons God staan vir ewig." Yog 1:1; 1 Kef 1:25; 1 Yog 1:1
- 9 Kry jouself bo-op 'n hoë berg, O Tziyon, verkondiger van goeie nuus; verhef jou stem met mag, O Yerushalayim, verkondiger van goeie nuus, hef jou stem op met mag; lig dit op, moenie vrees nie! Sê vir die stede van Y'hudah: "Hier is julle God!"
- 10 Let op, die Meester, יְהוָה, sal kom met krag, Sy arm met mag. Let op, Sy loon is by Hom en Sy beloning is voor Hom.
- 11 Hy sal Sy kudde versorg soos 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arms bymekaarmaak en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei.
- 12 Wie het die waters met die holte van Sy hand afgemeet, die hemele afgemerk met 'n span, die stof van die aarde met 'n maatbak bereken en die berge met 'n hangskaal geweeg en die heuwels met 'n weegskaal?
- 13 Wie het vir die Gees van יְהוָה rigting aangewys lyov 21:22; 1 Kor 2:16 of Hom onderrig as sy raadsman?
- 14 Met wie het Hy raad gehou en wie het Hom insig gegee? Wie het Hom geleer aangaande die pad van regverdige oordeel en Hom ingelig oor die pad van insig?
- 15 Let op, die nasies is soos 'n druppel vanuit 'n emmer en word beskou as 'n stoffie op die weegskaal. Let op, Hy lig die eilande op soos fyn stof.
- 16 Selfs L'vanon is nie genoeg om te brand, of sy wilde diere genoeg vir 'n brandoffer nie.
- 17 Al die nasies is soos niks voor Hom; hulle word deur Hom as minder as niks en nietig beskou.
- 18 Met wie wil julle God gelykstel, of met watter gelykenis Hom vergelyk?
- 19 Die ambagsman giet 'n afgod, 'n goudsmid trek dit oor met goud en die silwersmid maak kettings van silwer.
- 20 Hy wat te arm is vir so 'n offer, kies 'n boom wat nie vergaan nie; hy soek vir hom 'n vaardige ambagsman om 'n afgod voor te berei wat nie sal wankel nie.
- 21 Weet julle nie? Het julle nie gehoor nie? Is dit nie van die begin af aan julle verkondig nie? Het julle nie van die fundamente van die aarde af verstaan nie?
- 22 Dit is Hy, wat sit bo die kring van die aarde, wat die hemele uitstrek soos 'n gordyn en hulle uitsprei soos 'n tent om in te bly en die inwoners daarvan is soos sprinkane.
- 23 Dit is Hy wat die heersers verminder tot niks, wat die regters van die aarde nietig maak.
- 24 Hulle sal nie geplant word nie, hulle sal nie gesaai word nie, hulle stam sal nie wortel skiet in die grond nie, maar Hy sal op hulle blaas en hulle verdor en die storm sal hulle wegvoer soos stoppels.
- 25 "Met wie sal julle My dan vergelyk dat Ek sy gelyke kan wees?" sê die Afgesonderde Een.

- 26 Lig julle oë op na bo en sien: Wie het hierdie dinge geskep? Die Een wat hulle leërskaars uitlei volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, as gevolg van die grootheid van Sy mag en die sterkte van Sy krag is daar nie een van hulle weg nie.
- 27 Waarom sê jy dan, o Ya'akov en stel jy dit o Yisra'el: "My pad is vir יהוה verberge en die reg wat my toekom gaan ongemerk by my God verby?"
- 28 Weet jy dit nie? Het jy dit nie gehoor nie? Die Ewige God, יהוה, die Skepper van die eindes van die aarde word nie moeg of vermoeid nie; Sy insig is onbepaalbaar.
- 29 Hy gee krag aan die vermoeide en vermenigvuldig krag vir hom wat geen krag het nie.
- 30 Alhoewel jonges moeg en vermoeid word en fikse jongmanne sleg struikel,
- 31 tog sal die wat op יהוה wag, hulle krag hernu; hulle sal opvaar met vlerke soos arende; hulle sal hardloop en nie moeg word nie, hulle sal loop en nie vermoeid word nie.
- 41** 1 "Luister in stilte na My, o kuslande en laat die volke nuwe krag kry; laat hulle vorentoe kom en laat hulle dan praat; laat ons saam kom vir oordeel.
- 2 Wie het een uit die ooste opgewek vir wie Hy in onpartydige opregtheid na Sy voete roep? Hy bevry nasies voor Hom en onderwerp konings. Hy maak hulle soos stof met Sy swaard, soos windverwaaide kaf met Sy boog.
- 3 Hy agtervolg hulle en maak dan vrede; Hy sal nie per voet daar verbygaan nie.
- 4 Wie het dit gedoen en bereik, die geslagte van die begin af geroep? 'Ek, יהוה, is die Eerste en die Finale; Ek is Hy.'"
- 5 Die kuslande het gesien en is bang; die eindes van die aarde bewe; hulle het nader beweeg en gekom.
- 6 Elkeen het sy naaste gehelp en vir sy broer gesê: "Wees onveranderlik sterk!"
- 7 So het die ambagsman die smelter versterk, hy wat met die hamer plat slaan, hy wat op die aambeeld slaan terwyl hy van die soldering sê: "Dit is goed!" Hy maak dit met spykers vas sodat dit nie beweeg nie.
- 8 "Maar jy, Yisra'el, My dienskneg, Ya'akov, wat Ek gekies het, nageslag van Avraham, My vriend,
- 9 jy, wat Ek gevat het van die eindes van die aarde af en van sy verste dele geroep het en vir jou gesê het: 'Jy is My dienskneg; Ek het jou gekies en jou nie verwerp nie;
- 10 moenie vrees nie, want Ek is by jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk, sekerlik sal Ek jou help en jou ondersteun met My regverdige regterhand.'
- 11 Let op, almal wat kwaad is vir jou sal beskaamd staan en onteer word; hulle wat jou teëstaan sal soos niks wees en vergaan.
- 12 Jy sal hulle wat met jou stry soek, maar hulle nie kry nie, die wat teen jou oorlog voer sal wees soos niks en wat nie bestaan nie,
- 13 want Ek is יהוה, jou God, wat jou regterhand ophou, wat vir jou sê: 'Moenie vrees nie, Ek sal jou help.'
- 14 Moenie vrees nie, wurmpie Ya'akov, manne van Yisra'el! Ék sal jou help," verklaar יהוה "en jou Loskoper is die Afgesonderde Een van Yisra'el.

- 15 Let op, Ek het van jou 'n skerp, dorsslee gemaak met dubbel snykante; jy sal berge dors en fyn maal en die heuwels maak soos kaf.
- 16 Jy sal hulle uitwan en die wind sal hulle wegdra en die storm sal hulle verstrooi, maar jy sal in die rondte swaai van vreugde in יְהוָה, jy sal roem en eer in die Afgesonderde Een van Yisra'el.
- 17 Die geteisterdes en behoeftiges soek water, maar daar is niks nie en hulle tong verskroei van dors; Ek, יְהוָה, sal hulle self antwoord; as die God van Yisra'el, sal Ek hulle nie in die steek laat nie.
- 18 Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die valleie; Ek sal die wildernis 'n poel van water maak en die droë land fonteine van water.
- 19 Ek sal die seder in die wildernis sit, die akasia en die mirt en die olyfboom; Ek sal die jenewerboom in die woestyn plant saam met die palmhoutboom en die sipres
- 20 sodat hulle kan sien en herken, oorweeg en insig kry dat die hand van יְהוָה dit gedoen het en die Afgesonderde Een van Yisra'el dit geskep het.
- 21 “Stel julle saak,” sê יְהוָה; “bring julle sterk argumente vorentoe,” sê die Koning van Ya'akov.
- 22 “Laat hulle dit bring en aan Ons verklaar wat gaan gebeur; wat die vorige betref, verklaar wat hulle was sodat Ons dit kan oorweeg en weet wat gaan gebeur, of kondig aan wat gaan gebeur;
- 23 verklaar die dinge wat later sal kom sodat Ons kan weet dat julle gode is; inderdaad, doen goed of kwaad sodat Ons verbaas kan rondkyk en saam kan vrees.
- 24 Let op, julle tel nie en julle werk beteken niks nie; om julle te kies is verwerplik.
- 25 Ek het een uit die noorde opgewek en hy het gekom; van die opkoms van die son af sal hy My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en hy sal afkom op heersers soos op bouklei, soos die pottbakker die klei trap.”
- 26 Wie het dit verklaar van die begin af sodat Ons kan weet? Of van vroeër af sodat Ons kan sê: ‘Hy is reg?’ Daar was sekerlik niemand wat verklaar het, niemand wat dit afgekondig het, niemand wat julle woorde gehoor het nie.
- 27 Ek het vroeër vir Tziyon gesê: ‘Let op, hier is hulle!’ Vir Yerushalayim: ‘Ek sal 'n BoodsAPPER van goeie nuus gee.’
- 28 Wanneer Ek egter kyk, is daar geen en onder hulle is daar geen raadgewer wat, as Ek vra, 'n antwoord kan gee nie.
- 29 Let op, hulle is almal boos, hulle werke is waardeloos, hulle gegote beelde is wind en leegheid.”
- 42** 1 “Let op, My Kneg wat Ek ondersteun; My gekose Een in Wie My Lewe verheug is. Ek het My Gees op Hom gelê; Hy sal regverdige oordeel na die nasies bring.
- 2 Hy sal nie uitskree of Sy stem verhef, of Sy stem op die straat laat hoor nie.
- 3 Die gekneusde riet sal Hy nie breek en die dowwe lampfit nie uitblus nie; Hy sal getrou 'n regverdige oordeel bring. ^{Mat 12:19-21}
- 4 Hy sal nie moedeloos of vergruis word totdat Hy regverdigheid op die aarde gevestig het nie en die kuslande sal afwagting op Sy wet wag.”

- 5 So sê יהוה-God, wat die hemele geskep en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met alles wat daarop is, wat asem gee aan die mense daarop en gees aan die wat daarop loop:
- 6 “Ek is יהוה. Ek het Jou geroep in onpartydige opregtheid, Ek sal Jou ook aan die hand vat en oor Jou wag hou en Ek sal Jou aanstel as ’n Verbond met die volk, as ’n Lig vir die nasies, Yes 49:8; Rom 11:27
- 7 om blinde oë oop te maak; om gevangenes uit die kerker uit te bring en die wat in duisternis leef uit die tronk.
- 8 Ek is יהוה, dit is My Naam (Karakter en Outoriteit); Ek sal nie My eer aan ’n ander gee, of My lofprysing aan gesnede beelde nie.
- 9 Let op, die vorige dinge het gebeur, nou verklaar Ek nuwe dinge; voordat hulle uitspruit, verkondig Ek hulle aan Jou.”
- 10 Sing tot יהוה ’n nuwe lied en besing Sy lof vanaf die eindes van die aarde af; julle wat afgaan na die see en alles wat daarin is; julle eilande en die wat daarop woon!
- 11 Laat die wildernis en sy stede uitroep, die dorpe waar Kedar bly! Laat die inwoners van Selah hardop sing, laat hulle uitroep van vreugde vanaf die top van die berge!
- 12 Laat hulle aan יהוה lof, eer en waarde gee en Sy lofprysing in die kuslande verkondig!
- 13 יהוה sal uittrek soos ’n magtige man; Hy sal ywer opwek soos ’n krygsman. Hy sal ’n kreet uiter, ja, ’n strydkreet. Hy sal teen Sy vyande standhou.
- 14 “Ek het vir ’n lang tyd stilgebly, Ek het stilgebly en Myself bedwing. Ek sal kreun soos ’n vrou wat geboorte gee, Ek sal beide snak en hyg.
- 15 Ek sal berge en heuwels woens maak en al hulle plante verdroog; Ek sal riviere tot kuslande maak en poele laat opdroog.
- 16 Ek sal die blindes lei op ’n roete wat hulle nie ken nie, op paaie wat hulle nie ken nie, hulle lei; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle en die rowwe plekke tot vlaktes. Dit is die dinge wat Ek sal doen en Ek sal dit nie ongedaan laat nie.
- 17 Hulle wat in afgode vertrou, wat aan gegote beelde sê: ‘Julle is ons gode,’ sal teruggedraai word en diep beskaamd word.
- 18 Hoor, julle dowes en kyk, julle blindes sodat julle kan sien.
- 19 Wie is blind buiten My diensknege of so doof soos My boodskapper wat Ek stuur? Wie is so blind soos hy wat in vrede met My is, of so blind soos die diensknege van יהוה?
- 20 Jy het baie dinge gesien, maar jy neem hulle nie waar nie; jou ore is oop, maar niemand hoor nie.”
- 21 Dit het יהוה behaag ter wille van Sy onpartydige opregtheid om die wet groot, eerbaar en lofwaardig te maak. Ps 19:8,9; Rom 7:12; 1 Tim 1:8
- 22 Hierdie is egter ’n beroofde en geplunderde volk; hulle is almal vasgevang in grotte, weggesteek in tronke; hulle het ’n prooi geword met niemand om hulle te bevry nie, ’n plundering met niemand wat sê: ‘Gee terug!’ nie.
- 23 Wié, tussen julle, luister na hierdie dinge? Wie sal toegee en luister na vandag?
- 24 Wie het Ya’akov oorgegee as buit en Yisra’el aan plunderaars? Was dit nie יהוה teen Wie ons gesondig het nie en in Wie se paaie ons nie gewillig was om te loop nie en Wie se wet ons nie gehoorsaam het nie?

25 Hy het daarom die hitte van Sy woede en die geweld van die geveg op hulle uitgestort en dit het hul rondom aan die brand gestee, tog het hul dit nie besef nie en dit het hulle gebrand, maar hul het dit nie ernstig opgeneem nie,

43 1 maar nou, so sê יְהוָה, jou Skepper, o Ya'akov en Hy wat jou gevorm het, o Yisra'el: "Moenie vrees nie, want Ek het jou vrygekoop; Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne!

2 As jy deur die water gaan, sal Ek by jou wees en deur die riviere, hulle sal jou nie oorstroom nie. Wanneer jy deur die vuur loop, sal jy nie geskroei word nie en die vlam sal jou nie brand nie, ^{Dan 3:17,27}

3 want Ek is יְהוָה, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra'el, jou Verlosser; Ek het Mitzrayim gegee as losprys vir jou, Kush en S'va in jou plek.

4 Omdat jy waardevol is in My oë, geëerd is en Ek jou lief het, sal Ek ander mense in jou plek gee en volke vir jou lewe. ^{Iyov 36:20}

5 Moenie vrees nie, want Ek is by jou; Ek sal jou nageslag van die ooste af bring en jou bymekaarmaak van die weste af.

6 Ek sal vir die noorde sê: 'Geel!' en vir die suide: 'Moet hulle nie terughou nie!' Bring My seuns van ver en My dogters vanaf die einde van die aarde, ^{2 Kor 6:18}

7 elkeen wat na My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is en wat Ek geskep het vir My lof, eer en waarde; wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het."

8 Bring die volk wat blind is uit alhoewel hulle oë het en die dowes alhoewel hulle ore het.

9 Al die nasies het saam vergader sodat die volke vergader kan wees. Wie tussen hulle kan hierdie verkondig en aan ons die vorige dinge bekend maak? Laat hulle hul getuies bring sodat hulle onskuldig verklaar kan word; of laat hulle hoor en sê: 'Dit is die waarheid!'

10 Julle is My getuies," verklaar יְהוָה, "My diensknegte wat Ek gekies het sodat julle kan weet en My kan vertrou en kan verstaan dat dit Ek is. Voor My is geen god gevorm nie en daar sal geen ná My wees nie.

11 Ek, Ek is יְהוָה en daar is geen Verlosser buiten My nie.

12 Dit is Ék wat verkondig, gered en aangekondig het en daar was geen vreemde god onder julle nie; julle is My getuies," verklaar יְהוָה, "en Ek is God.

13 Selfs van ewigheid af is Ek Hy en daar is niemand wat kan red uit My Hand nie; Ek tree op en wie kan dit omkeer?"

14 So sê יְהוָה, jou Loskoper, die Afgesonderde van Yisra'el: "Om julle ontwil het Ek na Bavel gestuur en sal hulle almal, die Kasdeërs, as vlugtelingelinge laat afkom in die skepe waarop hulle hul beroem.

15 Ek is יְהוָה, julle Afgesonderde Een; die Skepper van Yisra'el, julle Koning."

16 So sê יְהוָה wat deur die see 'n roete en deur die magtige waters 'n pad gemaak het,

17 wat die strydwa en die perd, die leërmag en die magtige manne laat uittrek het; hulle sal saam lê en nie weer opstaan nie; hulle is uitgedoof en uitgeblus soos 'n lampfit.

18 "Moenie die vorige dinge oproep of dinge van die verlede oordink nie.

- 19 Let op, Ek sal iets nuuts doen, nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie opmerk nie? Ek sal selfs 'n pad in die wildernis maak, riviere in die woestyn.
- 20 Die wilde diere van die veld sal My loof en eer, die jakkals en die volstruis, want Ek het waters in die wildernis gegee en riviere in die woestyn, om My gekose volk te laat drink.
- 21 Die volk wat Ek vir Myself gevorm het, sal My lof verkondig. ^{1 Kef 2:9}
- 22 Nogtans het jy My nie aangeroop nie, o Ya'akov, maar Ek het jou geroep, o Yisra'el!
- 23 Jy het nie die skape van jou brandoffers vir My gebring nie en My ook nie geëer met jou slagoffers nie. Ek het jou nie belas met offers en jou ook nie moeg gemaak met wierook nie.
- 24 Jy het nie vir My suikerriet met geld gekoop nie en My ook nie gevul met die vet van jou offers nie, maar jy het My belas met jou sondes, jy het My moeg gemaak met jou oortredinge.
- 25 Ek, Ek is die Een wat jou wetsoortredinge uitvee om My ontwil en Ek sal nie aan jou sondes dink nie.
- 26 Herinner My, laat ons ons saak saam bepleit; stel jou saak sodat jy reg bewys kan word.
- 27 Jou eerste voorvader het gesondig en jou spreekbuis het teen My oortree.
- 28 Jou prinse het die Afgesonderde Plek onteer; daarom het Ek Ya'akov aan die vervloeking oorgegee en Yisra'el aan bespotting,
- 44** 1 maar luister nou, Ya'akov, My dienskneg en Yisra'el wat Ek gekies het!"
- 2 So sê יהוה, wat jou gemaak en jou gevorm het van die baarmoeder af, wat jou sal help: "Moenie vrees nie, Ya'akov, My dienskneg en Yeshurun wat Ek gekies het,
- 3 want Ek sal water op 'n uitgedroogde land uitgooi en strome op die droë grond; Ek sal My Gees op jou nageslag uitgiet en My seën op jou nakomelinge ^{Yog 7:37,38}
- 4 en hulle sal opspring tussen die gras soos populiere by waterstrome."
- 5 Die een sal sê: "Ek behoort aan יהוה" en die ander sal die naam van Ya'akov aanroep en die ander sal met sy hand skryf: "Ek behoort aan יהוה" en sal die naam van Yisra'el eer."
- 6 So sê יהוה, die Koning van Yisra'el en sy Loskoper, יהוה-Tzva'ot: "Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten My is daar geen God nie.
- 7 Wie is soos Ek? Laat hom dit verklaar en verkondig; laat hom dit aan My weergee in volgorde, vanaf die tyd dat Ek die antieke nasie gevestig het. Laat hulle die dinge wat kom en wat sal gebeur, bekend maak.
- 8 Moenie bewe en moenie bang wees nie; het Ek dit nie lank tevore vir jou aangekondig en dit verklaar nie? Julle is My getuies! Is daar enige God buiten My, of is daar enige ander Rots? Ek weet van geeneen nie.
- 9 Hulle wat gesnede beelde vorm, is almal nutteloos en hulle kosbare dinge is tot geen voordeel nie; selfs hulle eie getuies faal om te sien of weet sodat hulle beskaamd word.
- 10 Wie maak 'n god en giet 'n beeld tot geen voordeel nie?

- 11 Let op, al sy metgeselle sal beskaam word, want die ambagsmanne self is net mense! Laat hulle almal bymekaarkom, laat hulle opstaan, laat hulle bewe, laat hulle saam beskaam word!
- 12 Die skrynwerker maak 'n stuk yster gereedskap skerp en vorm die beeld met 'n skaaf en rond dit af met 'n beitel en werk dit met sy sterk arm. Hy word ook honger en sy krag faal; hy drink geen water nie en word moeg.
- 13 Die skrynwerker kies 'n stukkie hout en trek 'n maatlyn. Hy bewerk hom met skawe en trek hom met 'n passer en maak hom in die vorm van 'n man, na die skoonheid van 'n man, om in 'n huis te sit.
- 14 Hy kap seders vir homself en vat 'n sipres of 'n eikeboom en laat dit vir hom opgroei tussen die bome van die woud. Hy plant 'n denneboom en die reën laat dit groei.
- 15 Dan word dit vir die mens iets om te brand en hy vat een daarvan en maak hom warm; hy maak ook 'n vuur om brood te bak. Hy maak ook 'n god en aanbid dit; hy maak 'n gesnede beeld daarvan en val voor dit neer.
- 16 Die helfte daarvan brand hy in die vuur en op sy kole braai hy vleis, eet en word versadig. Hy maak homself ook warm en sê: 'A, ek is warm, ek het die vuur gesien!'
- 17 Die res daarvan, maak hy egter in 'n god, sy gesnede beeld; hy val voor dit neer en aanbid dit; hy bid ook tot dit en sê: 'Bevry my, want u is my god!'
- 18 Hulle weet nie en verstaan nie, want Hy het hulle oë toegesmeer sodat hulle nie kan sien nie en hulle harte sodat hulle nie kan begryp nie.
- 19 Niemand onthou nie en daar is geen kennis of insig om te sê nie: 'Ek het die helfte daarvan verbrand in die vuur en ook brood gebak op sy kole; ek het vleis gebraai en geëet; dan maak ek die res daarvan in 'n gruwel, ek val neer voor 'n stuk hout!'
- 20 Hy word gevoed uit as, 'n misleide verstand, wil en emosie het hom laat wegdraai en hy kan homself nie red, of sê nie: 'Is daar nie 'n leuen in my regterhand nie?'
- 21 Onthou hierdie dinge, o Ya'akov en Yisra'el, want jy is My dienskneg; Ek het jou gevorm; jy is My dienskneg, o Yisra'el; jy sal nie deur My vergeet word nie.
- 22 Ek het jou oortredinge van die wet uitgevee soos 'n dik wolk en jou sondes soos 'n swaar mis. Draai terug na My, want Ek het jou losgekoop."
- 23 Roep uit van vreugde, o hemele, want יהוה het dit gedoen. Roep vreugdevol uit, laer dele van die aarde! Breek uit in uitroepe van vreugde, o berge, woude en elke boom daarin, want יהוה het Ya'akov losgekoop en in Yisra'el Sy lof, eer en waarde gewys.
- 24 So sê יהוה, jou Loskoper en die Een wat jou gevorm het van die baarmoeder af: "Ek, יהוה, is die Maker van alle dinge, wat Self die hemel uitspan en die aarde heeltemal alleen uitsprei,
- 25 wat die tekens van die leuenprofete laat faal en die waarsêers tot dwase maak; wat die wyse laat terugtrek en hulle kennis in dwaasheid verander;
- 26 wat die woord van Sy dienskneg bevestig en die doel van Sy boodskappers uitvoer; wat van Yerushalayim sê: 'Dit sal bewoon word' en van die stede van Y'hudah: 'Hulle sal herbou word' en 'Ek sal sy puinhope oprig;'

- 27 wat vir die diepte van die see sê: 'Wees opgedroog' en 'Ek sal jou riviere droog maak;'
- 28 wat van Koresh sê: 'Hy is My herder en hy sal al My begeertes uitvoer;' van Yerushalayim sê: 'Dit sal gebou word;' van die tempel: 'Jou fondasies sal gelê word.'"
- 45** 1 So sê יהוה aan Koresh, Sy gesalfde, vir wie Hy aan die regterhand gevat het om nasies voor hom te onderwerp, om die lendene van konings los te maak; om deure voor hom oop te maak sodat hekke nie gesluit sal word nie:
- 2 "Ek self sal voor jou uit gaan en rowwe plekke gelykmaak; Ek sal koper deure verbreek en deur hulle ysterstawe sny.
- 3 Ek sal vir jou die skatte van duisternis gee en die verborge skatte van geheime plekke sodat jy kan weet dat dit Ek, יהוה, die God van Yisra'el is wat jou by jou naam roep.
- 4 Ter wille van Ya'akov, My dienskneg en Yisra'el, My gekose, het Ek jou ook by jou naam geroep; Ek het jou 'n titel van eer gegee, alhoewel jy My nie geken het nie.
- 5 Ek is יהוה en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek sal jou omgord, alhoewel jy My nie geken het nie
- 6 sodat mense kan weet van die opkoms van die son tot sy ondergang dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is יהוה en daar is geen ander nie; ^{Deut 6:4}
- 7 die Een wat lig vorm en die duisternis skep, wat vrede veroorsaak en onheil skep; Ek is יהוה wat al hierdie dinge doen. ^{Dan 6:28; 10:1; 'Ez 1; 2 Kro 36:22-23}
- 8 Laat dit drup, o hemele, van bo af en laat die wolke onpartydige opregtheid afgooi; laat die aarde oopmaak, verlossingsvrugte dra en onpartydige opregtheid saam met dit uitspruit. Ek, יהוה, het dit geskep.
- 9 Wee hom wat met sy Maker twis; 'n kleipot tussen die houers van klei! Sal die klei vir die pottbakker sê: 'Wat maak jy?' Of die ding wat jy maak, sê: 'Hy het geen hande nie!' ^{Yes 29:16; Rom 9:20}
- 10 Wee hom wat vir 'n vader sê: 'Wat verwek u?' Of vir 'n vrou: 'Waaraan gee u geboorte?'"
- 11 So sê יהוה, die Afgesonderde Een van Yisra'el en sy Maker: "Vra My aangaande die dinge wat kom rakende My seuns en jy moet die werk van My hande aan My toevertrou!
- 12 Dit is Ek wat die aarde gemaak en die mens daarop geskep het. Ek het die hemel met My hande uitgespan en Ek het sy ganse leërskaare aangestel.
- 13 Ek het hom opgewek in onpartydige opregtheid en al sy paaie sal Ek gelykmaak; hy sal My stad bou en My ballinge laat vrygaan sonder enige betaling of beloning," sê יהוה-Tzva'ot.
- 14 So sê יהוה: "Die produkte van Mitzrayim en die handelsware van Kush en die S'vaïete, manne van gestalte, sal na jou toe oorkom en joune wees; hulle sal agter jou loop; hulle sal in kettings oorkom en voor jou buig; hulle sal jou versoek: 'Waarlik, God is by jou en daar is geen ander, geen ander God nie! ^{Deut 6:4}
- 15 Waarlik, U is 'n God wat Usself verberg, O God van Yisra'el, Verlosser.'"

- 16 Hulle sal beskaamd gemaak word en selfs verneder word, almal van hulle; die vervaardigers van afgode sal saam weggaan in vernedering.
- 17 Die verlossing van Yisra'el is in יהוה, die Verlosser van die wêreld; julle sal nie vir altyd gespot of verneder word nie,
- 18 want so sê יהוה, wat die hemele geskep het; Hy is die God wat die aarde gevorm en dit gemaak het, Hy het dit vasgestel en dit nie as 'n verwoeste plek geskep nie, maar dit gevorm om bewoon te word: "Ek is יהוה en daar is geen ander nie." ^{Deut 6:4}
- 19 Ek het nie in die geheim gepraat, in een of ander donker land nie; Ek het nie vir die nageslag van Ya'akov gesê: 'Soek My in 'n verwoeste plek nie'; Ek, יהוה, praat onpartydige opregtheid en verklaar dinge wat reg is.
- 20 Maak julle bymekaar en kom, kom almal nader, julle wat uit die nasies gevlug het! Hulle wat hulle hout afgod rondra en tot 'n god bid wat nie kan red nie, het geen kennis nie.
- 21 Verklaar en stel julle saak; laat hulle inderdaad saam beraadslaag. Wie het dit lankal aangekondig? Is dit nie Ek, יהוה, nie? Daar is geen ander God buiten My nie, 'n regverdige God en Verlosser; daar is geen buiten My nie. ^{Deut 6:4}
- 22 Draai na My toe en word gered, alle eindes van die aarde, want Ek is God en daar is geen ander nie.
- 23 Ek het by Myself gesweer; dié woord gaan uit My mond in onpartydige opregtheid en sal nie terugdraai nie. ^{Rom 14:11; Fil 2:10} dat tot My sal elke knie buig en elke tong sal 'n eed sweer.
- 24 Hulle sal van My sê: 'Alleen in יהוה is onpartydige opregtheid en sterkte.' ^{Neg 8:10} Mense sal na Hom toe kom en almal wat vir Hom kwaad was, sal beskaamd gemaak word.
- 25 In יהוה sal al die nageslagte van Yisra'el onskuldig verklaar word en loof.
- 46** 1 Bel het neergebuig, N'vo buig krom; hulle afgode is as vrag op die beeste gelaai. Die dinge wat julle dra, is swaar, 'n vrag vir die vermoede diere. ^{Mat 11:30}
- 2 Hulle buig krom, hulle het saam neergebuig; hulle kon die vrag nie red nie, maar het self in gevangenskap gegaan.
- 3 Luister na My, o huis van Ya'akov en almal wat oorgebly het van die huis van Yisra'el, julle wat deur My gedra is van die baarmoeder af, versorg van geboorte af;
- 4 selfs tot jou oudag is Ék dieselfde, tot jou grys jare sal Ek jou dra; Ék het dit gedoen en Ék sal jou dra en Ék sal jou red.
- 5 Tussen My en wie wil julle 'n ooreenkoms tref en My vergelyk dat ons eenders sal wees?
- 6 Hulle wat goud uit die geldsak skud en silwer afweeg met die weegskaal, huur 'n goudsmid en hy maak dit in 'n god; hulle buig neer; inderdaad aanbid hulle dit.
- 7 Hulle lig hom op die skouer, dra hom en sit hom op sy plek neer en daar staan hy! Hy beweeg nie van sy plek nie; al roep iemand ook na hom, hy kan nie antwoord nie; hy kan hom nie verlos van sy benoudheid nie.
- 8 Onthou dit en wees oortuig; herinner jou daaraan, o oortreders!

- 9 Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; ^{Deut 6:4}
- 10 wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer;
- 11 wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen.
- 12 Luister na My, julle hardkoppiges, wat ver is van onpartydige opregtheid!
- 13 Ek bring My onpartydige opregtheid naby; dit is nie ver nie en My verlossing sal nie vertoef nie en Ek sal verlossing gee in Tziyon en My lof, eer en waarde aan Yisra'el."

- 47** 1 "Kom af en sit in die stof, maagdelike dogter van Bavel! Sit op die grond sonder 'n troon, dogter van die Kasdeërs, want jy sal nie langer sag en delikaat genoem word nie.
- 2 Vat die maalsteen en maal meel; verwyder jou sluier, trek uit die romp, ontbloot die been, trek deur die riviere!
- 3 Jou naaktheid sal ontbloot word, jou skande sal ook ontbloot word! Ek sal wraak neem en geen mens spaar nie."
- 4 Ons Verlosser, Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is ^{תְּצַוָּה}-Tzva'ot, is die Afgesonderde Een van Yisra'el.
- 5 "Sit stil en gaan in duisternis in, dogter van die Kasdeërs, want jy sal nie langer die koningin van die koninkryke genoem word nie.
- 6 Ek was kwaad vir My volk, Ek het My erfenis onteer en hulle in jou hand oorgegee: jy het hulle geen omgee bewys nie, op die oues het jy jou juk baie swaar gemaak.
- 7 Tog het jy gesê: 'Ek sal 'n koningin wees vir altyd;' jy het hierdie dinge nie in ag geneem of aan die einde daarvan gedink nie.
- 8 Hoor nou dit, sensuele een, wat so veilig bly, wat in jou hart sê: 'Ek is en daar is niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of verlies van kinders ken nie.'
- 9 Hierdie twee dinge sal egter skielik, op een dag, oor jou kom: verlies van kinders en weduweeskap; in volle maat sal hulle oor jou kom, ondanks jou baie towerye, ondanks die groot krag van jou besweringe.
- 10 Jy het veilig gevoel in jou boosheid en gesê: 'Niemand sien my nie!' Jou wysheid en jou kennis het jou mislei, want jy het in jou gedagtes gesê: 'Ek is en daar is niemand anders nie!'
- 11 Boosheid sal egter oor jou kom wat jy nie sal weet hoe om weg te toor nie en onheil sal op jou val wat jy nie kan toedek nie en vernietiging waarvan jy nie geweet het nie, sal skielik oor jou kom.
- 12 Staan vas in jou besweringe en in jou baie toorderye waarmee jy jou van jou jeug af mee besig hou; miskien kan jy voordeel trek, miskien kan jy bewing veroorsaak!
- 13 Jy word moeg gemaak deur jou baie planne; laat nou die astroloë, hulle wat deur die sterre profeteer, wat voorspel deur die Nuwemane, opstaan en jou red van wat oor jou sal kom.

- 14 Let op, hulle het geword soos stoppels, vuur verbrand hulle; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie; daar sal geen kool wees om by warm te word of geen vuur om voor te sit nie!
- 15 So het hulle geword waarmee jy gewerk en handel gedryf het van jou jeug af; elkeen het in sy eie rigting gedwaal; daar is niemand om jou te red nie.
- 48** 1 Hoor dit, huis van Ya'akov, wat Yisra'el genoem word en wat uit die lendene van Y'udah voortgekom het, wat sweer by die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en die God van Yisra'el aanroep, maar nie in waarheid of in onpartydige opregtheid nie,
- 2 al beroep hulle hulself op die afgesonderde stad en leun op die God van Yisra'el; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).
- 3 Ek het die vorige dinge lankal verkondig en hulle het uit My mond uitgegaan en Ek het hulle verklaar; skielik het Ek opgetree en dit het gebeur.
- 4 Omdat Ek weet dat jy halsstarrig en jou nek 'n ystersening is en jou voorkop koper;
- 5 daarom het Ek hulle lank tevore aan jou verkondig; voordat dit gebeur het, het Ek dit aan jou verkondig sodat jy nie sou sê: 'My afgod het dit gedoen en my gesnede beeld en my gegote beeld het dit beveel nie.'
- 6 Jy het gehoor; kyk na dit alles! Sal julle dit nie verkondig nie? Van nou af aan verkondig Ek aan julle nuwe dinge, geheime dinge wat jy nie geweet het nie.
- 7 Hulle is nou geskep en nie lank terug nie en voor vandag het jy hulle nie gehoor nie sodat jy nie kan sê: 'Let op, ek het dit geken,' nie
- 8 Jy het dit nie gehoor nie, jy het dit nie geken nie. Selfs van lank gelede is jou oor nie oopgemaak nie, want Ek het geweet dat jy baie verraderlik sal optree en dat jy van geboorte af 'n rebel genoem is.
- 9 Om My Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil vertraag Ek My toorn en terwille van My lofprysing sal Ek jou behou en jou nie vernietig nie.
- 10 Let op, Ek het jou gesuiwer, maar nie soos silwer nie; Ek het jou getoets in die hoogoond van ellende.
- 11 Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen sodat My Naam nie onteer sal word nie en Ek My lof, eer en waarde nie aan 'n ander sal gee nie.
- 12 Luister na My, o Ya'akov, Yisra'el wat Ek geroep het; Ek is Hy; Ek is die Eerste, Ek is ook die Laaste.
- 13 Sekerlik het My hand die aarde begin en My regterhand die hemele uitgesprei; wanneer Ek na hulle roep, staan hulle saam.” ^{Gen 1:1}
- 14 Kom bymekaar, julle almal en luister! Wie onder julle het hierdie dinge verkondig? יהוה het hom lief; Hy sal Sy goeie plesier oor Bavel uitvoer en Sy arm sal teen die Kasdeërs wees.
- 15 “Ek, Ek het gepraat; inderdaad het Ek hom geroep, Ek het hom gebring en Ek sal sy paaie suksesvol maak.
- 16 Kom nader na My toe, hoor hierdie: Ek het van die begin af nie in die geheim gepraat nie; vanaf die tyd dat dit gebeur het, was Ek daar!” Nou het die Meester יהוה en Sy Gees my gestuur.

- 17 So sê יהוה, jou Verlosser, die Afgesonderde Een van Yisra'el: "Ek is יהוה, jou God, wat jou leer om uit te styg, wat jou lei op die pad wat jy moet gaan.
- 18 As jy maar net na My opdragte geluister het, dan sou jou vrede wees soos 'n rivier en jou onpartydige opregtheid soos die golwe van die see.
- 19 Jou nakomelinge sou wees soos die sand en jou nageslag soos sy korrels; hulle naam sou nooit afgesny of vernietig word van My Teenwoordigheid nie!
- 20 Gaan weg van Bavel! Vlug weg van die Kasdeërs! Verklaar met die klank van vreugdevolle krete, verkondig dit, stuur dit uit na die eindes van die aarde!" Sê: "יהוה het Sy kneg Ya'akov losgekoop."
- 21 Hulle het nie dors gehad toe Hy hulle deur die woestyne gelei het nie. Hy het water uit die rots vir hulle laat vloei; Hy het die rots oopgeklou en die water het uitgevloei.
- 22 "Daar is geen vrede vir die bose oortreder nie," sê יהוה.

- 49** 1 Luister na My, eilande en gee aandag, volke wat ver is! יהוה het My geroep van die baarmoeder af; vanaf die liggaam van My moeder het Hy My Naam (Karakter en Outoriteit) gegee.
- 2 Hy het My mond gemaak soos 'n skerp swaard, ^{Open 1:16} in die skaduwee van Sy hand het Hy My verberg en Hy het My ook 'n gekose pyl gemaak, Hy het My in Sy pylkoker weggesteek.
- 3 Hy het vir My gesê: "Jy is My dienskneg, Yisra'el, in Wie Ek My eer, lof en aanbidding sal wys."
- 4 Ék het nie vir die nageslag van Ya'akov gesê: "Ek het tevergeefs hard gewerk, my krag vir niks en vrugtelos spandeer! Sekerlik is My oordeel voor יהוה en My werk voor My God," nie.
- 5 Nou sê יהוה, wat My van die baarmoeder af gevorm het om Sy Dienskneg te wees, om Ya'akov na Hom toe terug te bring sodat Yisra'el by Hom versamel mag word, want Ek word geëer in die oë van יהוה en My God is My sterkte.
- 6 Hy sê: "Dit is te gering dat U My Dienskneg sou wees om die stamme van Ya'akov op te tel en die wat bewaar is in Yisra'el te herstel. Ek sal U ook maak tot 'n Lig van die nasies sodat My verlossing tot aan die einde van die aarde kan reik." ^{Hand 13:6,7}
- 7 So sê יהוה, die Loskoper van Yisra'el, Sy Afgesonderde Een, aan die veragte Een, aan die Een wat verafsku is deur die volk, aan die Dienskneg van heersers: "Konings sal sien en opstaan, prinse sal ook neerbuig, as gevolg van יהוה wat getrou is, die Afgesonderde Een van Yisra'el wat U gekies het."
- 8 So sê יהוה: "In 'n voordelige tyd het Ek U geantwoord en in 'n dag van verlossing het Ek U gehelp" ^{2 Kor 6:2} en Ek sal U beskerm en U gee as 'n Verbond vir die volk, om die land te herstel, om hulle die verlate erfenis te laat erf; ^{Yes 42:6; Rom 11:7}
- 9 om te sê aan die wat gebind is: "Gaan uit," aan die wat in duisternis is: "Wys jouself!" Langs die paaie sal hulle wei en hulle weiveld sal op al die kaal heuwels wees.
- 10 Hulle sal nie honger of dors nie en ook sal die skroeiende son hulle nie neergooi nie, want Hy wat vir hulle omgee sal hulle lei en hulle begelei na die fonteine van water. ^{Ps 23; Open 7:16,17}

- 11 Ek sal al My berge verander in grootpaaie en My grootpaaie sal opgelig wees.
- 12 Let op, hierdie kom van ver en let op, hulle sal van die noorde en van die weste af kom en hierdie vanaf die kus van die land van die Siniete.
- 13 Roep uit van vreugde, o hemele en swaai in die rondte van vreugde, o aarde! Berge breek uit in vreugdevolle krete, want יְהוָה het Sy volk getroos en sal omgee vir Sy geteisterdes.
- 14 Tziyon het egter gesê: “יְהוָה het my in die steek gelaat en יְהוָה het my vergeet!”
- 15 “Kan ’n vrou haar suigeling vergeet en nie omgee vir die seun van haar baarmoeder nie? Selfs hulle kan vergeet, maar Ék sal jou nie vergeet nie! ^{Deut 4:31; 1 Kro 28:20; Heb 13:5}
- 16 Let op, Ek het jou op My handpalms graveer; jou mure is gedurig voor My.
- 17 Jou bouers maak gou; jou vernietigers en verwoesters sal van jou af weggaan.
- 18 Lig jou oë op en kyk rondom; hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe! So waar as Ek leef,” verklaar יְהוָה, “jy sal hulle sekerlik almal aansit soos juwele en hulle ombind soos ’n bruid,
- 19 want jou puinhope en verlate plekke en jou verwoeste land sal sekerlik nou te klein wees vir die inwoners en die wat jou verslind het, is ver weg!
- 20 Die kinders waarvan jy beroof is, sal nog in jou ore sê: ‘Die plek is te klein vir my; maak vir my plek sodat ek hier kan bly!’
- 21 Dan sal jy in jou binneste sê: ‘Wie het aan hierdie kinders geboorte gegee vir my, aangesien ek van my kinders ontnem is en ek onvrugbaar is, ’n banneling wat rond dwaal? Wie het hulle grootgemaak? Let op, ek is alleen agtergelaat; waar het hulle vandaan gekom?’”
- 22 So sê יְהוָה-God: “Let op, Ek sal My hand oplik na die nasies en My banier oprig na die volke en hulle sal julle seuns in die arms bring en jou dogters sal op die skouer gedra word.
- 23 Konings sal jou oppassers wees, hulle prinse jou versorgers. Hulle sal voor jou neerbuig met die gesig na die aarde toe en die stof van jou voete aflek en jy sal weet dat Ek יְהוָה is. Hulle wat vol versekerde verwagting op My wag sal nie beskaam word nie.
- 24 Kan die buit afgeneem word van die magtige man? Of die gevangenes van ’n wreedaard gered word?”
- 25 Waarlik, so sê יְהוָה: “Selfs die prooi van die magtige man sal weggevat en die gevangenes van die wreedaard bevry word, want Ek sal die een teëstaan wat jou teëstaan en Ek sal jou kinders red.
- 26 Ek sal jou onderdrukkers hulle eie vlees voer en hulle sal dronk word van hulle eie bloed soos van soetwyn. ^{Open 16:6} Alle vlees sal weet dat Ek, יְהוָה, jou Verlosser is en jou Loskoper, die Magtige Een van Ya’akov.”
- 50** ¹ So sê יְהוָה: “Waar is die skeibrief waarmee Ek julle moeder weggestuur het? Of aan wie van My skuldeisers het Ek julle verkoop? Let op, julle is verkoop vir julle onregverdigheid en vir jul oortredinge van die wet is julle moeder weggestuur.

- 2 Waarom was daar niemand toe Ek gekom het nie? Toe Ek geroep het, het niemand geantwoord nie? Is My hand so kort dat Ek nie kan loskoop of het Ek nie die krag om te bevry nie? Let op, deur My bestraffing maak Ek die see droog; Ek maak van die riviere 'n wildernis; hulle visse stink omdat daar geen water is nie en sterf van die dors.
- 3 Ek trek die hemele aan met duisternis en bedek dit met 'n roukleed.
- 4 יהוה-God het vir my die tong van 'n geleerde gegee sodat ek kan weet hoe om die vermoede te verklik met 'n woord; Hy maak my in die oggend wakker, Hy maak my oor wakker om die leringe te hoor.
- 5 יהוה-God het my oor oopgemaak en ek was nie ongehoorsaam of het teruggedraai nie.
- 6 Ek het my rug gegee vir die wat slaan en my wange vir die wat die baard uitpluk; ek het nie my gesig toegemaak vir vernedering en gespoeg nie, ^{Luk 6:29}
- 7 want יהוה-God help my; daarom word ek nie onteer nie; daarom het ek my gesig soos 'n vuursteen gemaak en ek weet dat ek nie beskaamd sal staan nie.
- 8 Hy wat my verdedig is naby; wie sal teen my staan? Laat ons teen mekaar opstaan! Wie het 'n saak teen my? Laat hom naderkom na my toe!
- 9 Let op, יהוה-God help my; wie is dit wat my veroordeel? Let op, hulle sal almal verslyt soos 'n kledingstuk; die mot sal hulle eet.
- 10 Wie is daar onder julle wat יהוה vrees, wat die stem van Sy dienskneg gehoorsaam, wat in duisternis loop en geen lig het nie? Laat hom vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה en steun op sy God!
- 11 Let op, julle almal wat 'n vuur aansteek, wat julleself met vonke omring, loop in die lig van julle vuur en tussen die vonke wat julle aangesteek het! Dit sal julle van My hand ontvang; julle sal in foltering neerlê.
- 51** 1 "Luister na My, julle wat onpartydige opregtheid najaag, wat יהוה seek! Kyk na die rots waaruit julle gekap is en die gruisgat waaruit julle gegrawe is.
- 2 Kyk na Avraham, julle vader en na Sarah, wat aan julle geboorte gegee het in pyn. Toe hy nog alleen was het Ek hom geroep, toe het Ek hom geseën en hom vermenigvuldig."
- 3 Inderdaad sal יהוה vir Tziyon vertroos; Hy sal al sy puinhope vertroos en sy wildernis maak soos 'Eden en sy woestyn soos die tuin van יהוה; ^{Gen 2:8-} vreugde en blydschap sal daarin gevind word, hande wat opgelig word en die klank van 'n lied.
- 4 "Gee aandag aan My, My volk en gee die oor vir My, My nasie, want 'n wet sal van My af uitgaan en Ek sal My regverdige oordeel stel as 'n lig vir die volke.
- 5 My onpartydige opregtheid is naby, My verlossing het uitgegaan en My arms sal die volke oordeel; die kuslande sal op My wag en op My arm sal hulle vertrou.
- 6 Lig julle oë op na die hemel en kyk dan na die aarde daaronder, want die hemel sal verdwyn soos rook en die aarde verslyt soos 'n kledingstuk en sy inwoners sal net so sterf, maar My verlossing sal vir ewig wees en My onpartydige opregtheid sal nie afneem nie.

- 7 Luister na My, julle wat onpartydige opregtheid ken, 'n volk in wie se verstand, wil en emosie My wet is! ^{Ps 40:9} Moenie bang wees vir die beskuldigings van mense en skrik vir hulle skeltaal nie, ^{Ps 119:41,42}
- 8 want die mot sal hulle opeet soos 'n kleet en die wurm sal hulle eet soos wol, maar My onpartydige opregtheid sal vir ewig wees en My verlossing vir alle geslagte.”
- 9 Ontwaak, ontwaak, bekleed jou met sterkte, arm van יהוה! Ontwaak soos in die ou dae, in die geslagte van lank gelede. Is dit nie U wat 'n ernstige straf aangekondig en die seemonster deurboor het nie? ^{Yes 27:1; Ps 74:14}
- 10 Is dit nie U wat die see, die waters van die dieptes drooggemaak het nie, wat van die dieptes van die see 'n pad gemaak het ^{Yes 43:16} vir die vrygekooptes om oor te gaan nie?
- 11 So sal die vrygekooptes van יהוה teruggaan en met vreugdevolle krete na Tziyon kom en ewige vreugde sal op hulle kop wees. Hulle sal vreugde en blydschap verkry en droefheid en gesug sal wegvlug.
- 12 Ek, ja Ek is Hy wat julle troos! Wie is jy dat jy bang is vir die mens wat sterf en vir die seun van 'n mens wat soos gras gemaak is
- 13 sodat jy יהוה wat jou gemaak het vergeet, wat die hemel uitgesprei en die fondasies van die aarde gelê het; dat jy voortdurend, die hele dag vrees as gevolg van die woede van die onderdrukker, soos hy gereedmaak om te vernietig? Waar is die woede van die onderdrukker? ^{Lev 26:36}
- 14 Die banneling sal gou losgelaat word en sal nie in die kerker sterf of sy brood ontbreek nie,
- 15 want Ek is יהוה, jou God, wat die see bestraf en sy golwe is stil; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)! ^{Mat 8:26; Mar 4:39; Luk 8:24}
- 16 Ek het My woorde in jou mond gelê en jou met die skaduwee van My hand bedek, om die hemel vas te stel, die aarde te vestig en aan Tziyon te sê: ‘Jy is My volk!’
- 17 Word wakker, word wakker, staan op, Yerushalayim, jy wat uit die hand van יהוה die beker van Sy woede gedrink het; jy het die kelk van wankeling uitgedrink tot op die afsaksel.
- 18 Daar is nie een tussen al die seuns waaraan sy geboorte gegee het om haar te lei nie; ook nie een tussen al die seuns wat sy grootgemaak het om haar aan die hand te vat nie.
- 19 Hierdie twee dinge het jou oorgekom; die verwoesting en vernietiging, hongersnood en swaard; wie sal oor jou treur? Hoe sal ek jou troos?
- 20 Jou kinders het flou geval, hulle lê by die ingang van elke straat, soos 'n bok in 'n net, vol van die toorn van יהוה, die bestraffing van jou God;
- 21 daarom, hoor asseblief hierdie, geteisterde, wat dronk is, maar nie van wyn nie!
- 22 So sê jou Meester, יהוה, jou God, wat vir Sy volk stry: “Let op, Ek het die beker van wankeling uit jou hand gevat, die kelk van My woede; jy sal dit nooit weer drink nie.
- 23 Ek sal dit in die hand van jou folteraars sit, wat vir jou gesê het: ‘Lê sodat ons oor jou kan loop.’ Jy het jou rug soos die grond gemaak en soos die straat vir die wat daaroor loop.”

- 52** 1 Word wakker, word wakker, trek jouself aan met jou sterkte, o Tziyon; trek jouself aan in jou pragtige klere, o Yerushalayim, die afgesonderde stad, want die onbesnedene en die onreine sal nie langer in jou inkom nie.
- 2 Skud jouself los uit die stof, staan op, o gevange Yerushalayim; maak jouself los van die kettings om jou nek, o gevange dogter van Tziyon,
- 3 want so sê יהוה: "Julle is verkoop vir niks en julle sal vrygekoop word sonder geld," ^{1 Kef 1:18}
- 4 want so sê יהוה-God: "My volk het aanvanklik afgetrek na Mitzrayim om daar te bly; toe het Ashur hom sonder rede onderdruk.
- 5 "Wat het Ek dus nou hier?" verklaar יהוה; "aangesien My volk sonder rede weggevat is?" יהוה verklaar: "Die wat oor hulle heers raas en My Naam (Karakter en Outoriteit) word voortdurend, die hele dag lank, sleg gepraat; ^{Yeg 36:20; Rom 2:24}
- 6 daarom sal My volk My Naam (Karakter en Outoriteit) ken; daarom is Ek die Een wat praat in daardie dag: 'Hier is Ek!'"
- 7 Hoe lieflik is die voete van hom wat die goeie nuus bring op die berge, wat vrede aankondig ^{Rom 10:15; Efe 6:15} en goeie nuus van geluk verkondig, wat verlossing aankondig en vir Tziyon sê: "Jou God heers!"
- 8 Luister! Jou wagt lig hulle stem op, hulle skreeu vreugdevol saam, want hulle sal met hulle eie oë sien wanneer יהוה Tziyon herstel.
- 9 Breek uit, juig vreugdevol saam, puinhoop van Yerushalayim, want יהוה het Sy volk getroos, Hy het Yerushalayim losgekoop.
- 10 יהוה het Sy afgesonderde arm ontbloot voor die oë van al die nasies sodat al die eindes van die aarde die verlossing van ons God kan sien.
- 11 Vertrek, vertrek, gaan daaruit weg, raak aan geen onrein ding nie; gaan uit haar midde uit, ^{2 Kor 6:14-18} reinig julleself, draers van die voorwerpe van יהוה!
- 12 Julle moet egter nie in haas uitgaan of as vlugtelinge nie, want יהוה sal voor julle uitgaan en die God van Yisra'el is julle agterhoede.
- 13 Let op, My Dienskneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en opgelig wees, grootliks verhewe.
- 14 Net soos baie hulle oor jou verstom het, so is Sy voorkoms meer ontsier as enige mens en Sy voorkoms meer as die seuns van die mens.
- 15 So sal Hy baie nasies reinig, konings sal hulle mond toehou as gevolg van Hom, want wat nie aan hulle vertel is nie, sal hulle sien en wat hulle nie gehoor het nie, sal hulle verstaan. ^{Yes 64:3,4; Rom 15:21; 1 Kor 2:9; 15:3,4}
- 53** 1 My meester, wie het ons boodskap vertrou? Aan wie is die arm van יהוה openbaar? ^{Yog 12:38; Rom 10:16}
- 2 Hy het voor Hom opgegroeï soos 'n jong loot en soos 'n wortel uit verskroeiende grond. Hy het geen gestalte of majesteit gehad dat ons na Hom sou kyk nie en ook geen voorkoms sodat ons tot Hom aangetrokke sou wees nie.
- 3 Hy is verag en deur die mense in die steek gelaat, 'n Man van smarte en bekend met droefheid en is verag soos een vir wie mense hulle gesig wegsteek en ons het Hom nie geag nie.

- 4 Sekerlik het Hy óns siektes en óns benoudhede gedra; tog het óns Hom beskou as een wat aangetas is, deur God geslaan en onderdruk, Mal 3:17-20; Mat 8:14-17; 1 Kefa 2:24
- 5 maar Hy is deurboor vir ons oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir ons onregverdigheide; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met ons en deur Sy kastyding is ons genees. 1 Kef 2:24; Rom 4:25; 1 Kor 15:3
- 6 Ons almal het afgedwaal soos skape, ons het elkeen na sy eie pad gedraai, maar יְהוָה het die onregverdigheid van ons almal op Hom laat val.
- 7 Hy was onderdruk en geteister, tog het Hy nie Sy mond oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagting gelei word en soos 'n skaap wat stil is voor sy skeerders, so het Hy nie Sy mond oopgemaak nie. Mat 26:63; 27:12,14; Open 5:6
- 8 Hy is uit die tronk en die oordeel weggevat en wie kan Sy angs beskryf? Hy is afgesny uit die land van die lewendes, vir die wetsoortreding van My volk, vir wie die straf was. Hand 8:33
- 9 Sy graf is toegeken by wetsoortreders, 1 Kor 15:3,4 alhoewel Hy geen geweld gepleeg het nie; tog was Hy by 'n ryk man in Sy dood; Mat 27:57,60; 1 Kef 2:22; 1 Yog 3:5 ook was daar geen bedrog in Sy mond nie,
- 10 maar dit het יְהוָה behaag om Hom te vergruis, Hom te laat ly; Hy het Homself as 'n Oortredingsoffer gemaak sodat ewigheid dit sal sien; Hy sal Sy dae verleng en die goeie wil van יְהוָה sal deur Sy hand voorspoedig wees. Yog 12:24; 1 Kor 15:36-44
- 11 Hy sal die beloning van die angs van Sy lewe sien en tevrede wees deur Sy kennis; Hy sal die regverdige onskuldig verklaar, want Hy is 'n Dienskneg van baie en Hy sal hulle oortredinge dra. Heb 2:10
- 12 Ek sal daarom vir Hom 'n deel gee onder die grotes en met die sterkes sal Hy die buit verdeel omdat Hy Homself uitgestort het tot die dood en saam met die wetteloses getel is; tog het Hy die sonde van baie gedra en vir die wetsoortreders ingetree. Ps 50:5; Mar 15:28; Luk 22:37; Heb 2:17; 9:28; 1 Kef 2:24
- 54** 1 “Roep uit van vreugde, onvrugbare, jy wat nie geboorte gegee het nie! Gal 4:27
Breek uit in vreugdevolle krete en juig hardop, jy wat geen geboortepyne gehad het nie, want die seuns van die eensame is meer as die seuns van die getroude vrou,” sê יְהוָה.
- 2 “Maak die plek van jou tent groter; rek die afskortings van jou blyplek uit, wees nie spaarsamig nie; maak jou lyne lank en versterk jou penne,
3 want jy sal na regs en na links uitbrei en jou nageslag sal nasies besit en verwoeste stede herbevolk.
- 4 Moenie vrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie en moenie vernederd voel nie, want jy sal nie onteer word nie, maar jy sal die skande van jou jeug vergeet en die smaad van jou weduweenskap nie meer onthou nie,
5 want jou Maker is jou Man; יְהוָה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en die Afgesonderde Een van Yisra'el is jou Loskoper, wat die God van die hele aarde genoem word,
6 want soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees het יְהוָה jou geroep; as 'n vrou wat van haar jeugtyd af verwerp is,” sê jou God.

- 7 “Vir ’n kort oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot omgee sal Ek jou bymekaarmaak.
- 8 In ’n uitbarsting van toorn het Ek vir ’n oomblik My gesig vir jou verberg, maar met ewige liefdevolle goedheid sal Ek vir jou omgee,” sê יהוה, jou Loskoper.
- 9 “Soos in die dae van Noag is dit vir My, toe Ek gesweer het dat die waters van Noag nie weer die aarde sou oorstrom nie; ^{Gen 9:11} so het Ek gesweer dat Ek nie vir jou kwaad sal wees of jou sal bestraf nie,
- 10 want die berge mag verwyder word en die heuwels mag skud, maar My liefdevolle goedheid sal nie van jou verwyder word nie en My verbond van vrede sal nie geskud word nie,” sê יהוה, wat vir jou omgee.
- 11 “O, geteisterde een, deur ’n storm rondgegooi, ongetrooste, let op, Ek lê jou stene in antimoon en Ek sal jou fondasies in saffiere lê.
- 12 Ek sal verder jou gevegsdrag maak van robyne, jou poorte van kristal en jou hele muur van kosbare stene.
- 13 יהוה sal al jou seuns leer ^{Yog 6:45} en die vrede van jou seuns sal groot wees.
- 14 In onpartydige opregtheid sal jy gevestig word; ver van onderdrukking, want jy sal nie vrees nie en ver van verskrikking, want dit sal nie naby jou kom nie.
- 15 As iemand jou wild aanval, sal dit nie van My af wees nie; wie jou ook al aanval, sal val as gevolg van jou.
- 16 Let op, Ék het self die smid geskep wat die koolvuur aanblaas en ’n instrument vir sy werk voortbring en Ék het die Vernietiger geskep om te verwoes.
- 17 Geen wapen wat teen jou gevorm word, sal voorspoedig wees nie en elke tong wat jou beskuldig in oordeel, sal jy veroordeel. Dit is die erfenis van die diensknegte van יהוה en hulle vryspreek is van My,” verklaar יהוה.
- 55** 1 “O, elkeen wat dors het, kom na die waters ^{Yog 7:37,38} en wie geen geld het nie, kom, koop en eet. ^{Mat 10:8; 2 Kor 11:7; Open 21:6; 22:17} Kom, koop wyn en melk sonder geld en sonder prys.
- 2 Waarom spandeer julle geld vir wat geen brood is nie en julle salaris op wat nie kan versadig nie? Luister versigtig na My en eet wat goed is en verheug jouself in oorvloed.
- 3 Draai julle oor en kom na My toe, luister en doen sodat julle kan lewe en Ek sal ’n ewige verbond met julle sluit, ^{Hand 13:34} volgens die getroue onverdiende gunste aan Dawid bewys.
- 4 Let op, Ek het hom ’n getuie tot die volke gemaak, ’n leier en bevelvoerder vir die volke.
- 5 Let op, jy sal ’n nasie roep wat jy nie ken nie en ’n nasie wat jou nie ken nie, sal na jou toe hardloop, ter wille van יהוה, jou God, die Afgesonderde Een van Yisra’el omdat Hy jou lof en eer gegee het.
- 6 Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.
- 7 Laat die wettelose sy pad verlaat en die bose sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek,

- 8 want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie,” verklaar יְהוָה,
- 9 want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes,
- 10 want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter, nie,
- 11 so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie,
- 12 want julle sal met vreugde uitgaan en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal uitbreek in uitroepe van vreugde voor julle en al die bome van die veld sal hande klap.
- 13 In plaas van 'n doringboom sal 'n sipres opkom en in plaas van 'n netel sal 'n mirteboom opkom en dit sal 'n herdenking wees tot יְהוָה, as 'n ewige teken wat nie afgesny sal word nie.”
- 56** 1 So sê יְהוָה: “Bewaar die regverdige oordeel en doen onpartydige opregtheid, want My verlossing is op die punt om te kom en My onpartydige opregtheid om geopenbaar te word.
- 2 Hoe geseënd is die mens wat dit doen en die seun van 'n mens wat onveranderlik daaraan vashou, wat hom daarvan weerhou om die Shabbat te onteer en sy hand weerhou daarvan om boosheid te doen.”
- 3 Laat die vreemdeling wat hom by יְהוָה gevoeg het, nie sê: “יְהוָה sal my sekerlik afskei van Sy volk,” nie en laat die gelowige ook nie sê: “Let op, ek is 'n droë boom,” nie,
- 4 want so sê יְהוָה: “Aan die gelowiges wat My Shabbatte hou en kies wat My tevrede stel en onveranderlik My verbond vashou,” Num 15:13-16; Hand 15:18-21; Efe 2:3-8
- 5 aan hulle sal Ek in My huis en binnekant My mure 'n gedenkteken en 'n naam (karakter en outoriteit) gee wat beter is as seuns en dogters; Ek sal vir hulle 'n ewige naam (karakter en outoriteit) gee wat nie afgesny sal word nie.
- 6 Ook aan die vreemdelinge wat hulle by יְהוָה voeg, om Hom te bedien en om die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה lief te hê, om Sy diensknegte te wees, elkeen wat hom weerhou om die Shabbat te onteer en onveranderlik vashou aan My verbond,
- 7 hulle sal Ek bring na My afgesonderde berg en hulle vol vreugde maak in My huis van gebed. Hulle brandoffers en hulle offers sal aanvaarbaar wees op My altaar, want My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.” Mat 21:13; Mar 11:17
- 8 יְהוָה-God, wat die verstrooides van Yisra'el versamel, verklaar: “Ek sal nog meer versamel, by die versamelde.
- 9 Al julle wilde diere van die veld, al julle wilde diere in die bos, kom eet!
- 10 Hulle wagte is blind, hulle weet almal niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; dromers wat lê, wat lief is om te sluimer

11 en die honde is gulsig, hulle is nie tevrede nie en hulle is herders wat nie insig het nie; hulle het almal na hulle eie metodes gedraai, elkeen na sy onregverdige wins, tot die laaste een."

12 "Kom," sê hulle, "laat ons wyn gaan haal en laat ons baie sterk drank drink en môre sal wees soos vandag, net meer so!" ^{1 Kor 15:32}

57 ¹ "Die regverdige kom om en daar is niemand wat dit ter harte neem nie en die toegewydes word weggevat terwyl niemand verstaan nie, want die regverdige word weggevat van die boosheid,

2 hy gaan in vrede in; wie in Sy opregte pad loop, hulle rus in hulle beddens,

3 maar kom hier, julle seuns van 'n towenares, nageslag van 'n owerspeler en 'n prostituut.

4 Teen wie maak julle grappe? Teen wie maak julle jul mond wyd oop en steek julle tong uit? Is julle nie seuns van rebellie, nageslag van misleiding nie,

5 wat julleself ontvlam tussen die eikebome, onder elke groen boom; wat die kinders slag in die klowe, onder die oorhang van die kranse?

6 Tussen die gladde klippe van die kloof is jou deel, hulle is jou lot; jy het ook vir hulle drankoffers uitgegooi, 'n graanoffer gebring. Sal Ek toegee aangaande hierdie dinge?

7 Jy het jou bed op 'n hoë en verhewe berg gemaak; jy het ook daarheen opgegaan om offers te bring.

8 Agter die deur en die deurkosyn het jy jou teken opgesit; inderdaad, ver weg verwyder van My, het jy jouself ontbloot en opgegaan en jou bed wyd gemaak. Jy het vir jouself 'n ooreenkoms met hulle gemaak, jy het hulle bed liefgehad, jy het na hulle manlikheid gekyk.

9 Jy het na die koning gereis met olie en jou reukwater vermeerder; jy het jou boodskappers 'n ver afstand gestuur en jouself laag afgebring, selfs tot by Sh'ol.

10 Jy is uitgeput deur die veelvoud van jou korrupte metodes; tog het jy nie gesê: "Ek sal ophou" nie! Jy het jouself afgetakel met die skuld van jou hande; daarom het jy nie reggemaak nie.

11 Oor wie was jy bekommerd en bevrees, toe jy gelieg het, My nie onthou het of aan My gedink het nie? Let op, Ek is die Afgesonderde Een van ouds en jy het My nie respekvol gevrees nie.

12 Ék sal My onpartydige opregtheid verklaar, maar jou werke sal vir jou geen voordeel bring nie.

13 Wanneer jy uitroep, laat jou versameling afgode jou bevry, maar die wind sal hulle almal oplig, 'n asem sal hulle wegvat, maar hy wat skuiling soek by My, sal die land erf en My afgesonderde berg besit.

14 Dit sal gesê word: 'Bou op, bou op, berei die pad voor, verwyder elke struikelblok uit die pad van My volk,'"

15 want so sê die hoë en verhewe Een wat vir ewig leef, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonderd is: "Ek bly in 'n hoë en afgesonderde plek en ook by die berouvolle en nederige van gees, om die gees van die nederiges en die verstand, wil en emosie van die berouvolles weer te laat lewe,

- 16 want Ek sal nie vir altyd teëstaan en nie vir altyd kwaad wees nie, want die gees en die asem van dié wat Ek gemaak het, sal swak word voor My.
- 17 Ek was kwaad vanweë die onregverdigheid van hulle onregverdige wins en het hulle geslaan; Ek het My verberg en was kwaad en hy het aangehou op die manier van sy verstand, wil en emosie.
- 18 Ek het sy lewenswyse gesien, maar Ek sal hom genees; Ek sal hom lei en aan hom en dié van hom wat treur, troos herstel
- 19 deur lofprijsing van die lippe te skep. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir hom wat ver en die wat naby is,” sê יהוה; ^{Efe 2:17} “Ek sal hom genees.”
- 20 Die bose oortreder is egter soos ’n onstuimige see, want dit kan nie rustig wees nie en sy waters gooi slyk en modder op.
- 21 “Daar is geen vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir die bose oortreder nie!” sê my God.

- 58** 1 “Roep hardop, moenie terughou nie, lig jou stem op soos ’n ramshoring en verklaar aan My volk hulle oortreding van die wet en aan die huis van Ya’akov hulle sondes,
- 2 tog soek hulle My dag vir dag en het ’n behae daarin om My paaie te ken soos ’n nasie wat onpartydige opregtheid doen en nie die instellings van sy God verlaat het nie; hulle vra van My regverdige beslissings. Hulle verheug hulleself daarin om naby God te kom.
- 3 ‘Waarom het ons gevas en U sien dit nie? Waarom het ons ons verneder en U let dit nie op nie?’ Let op, op die dag wat julle vas, doen julle net wat jul begeer en bring offers aan al julle afgode.
- 4 Let op, julle vas vir die doel van twis en tweedrag en om te slaan met ’n bose vuus. Julle sal nie vas soos julle dit vandag doen, as julle jul stem in die hoogte wil laat hoor nie.
- 5 Is dit ’n vas soos dié wat Ek verkies, ’n dag vir ’n mens om homself te verneder? Is dit om die kop te buig soos ’n riet en om sak en as uit te spreid as ’n bed? Noem jy dít ’n vas, ’n aanvaarbare dag vir יהוה?
- 6 Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: om die bande van boosheid los te maak, die stroppe van die juk af te haal, die onderdruktes te laat vrygaan en elke juk stukkend te breek.
- 7 Is dit nie om jou brood met hulle wat honger is te deel en die daklose arme in jou huis in te bring nie? Wanneer jy iemand sien wat kaal is, om hom te bedek en nie een van jou eie vlees (’n mens soos jy) weg te wys nie? ^{Yeg 18:7,16; Mat 25:35}
- 8 Dan sal jou lig uitbreek soos die sonsopkoms en jou genesing skielik uitspruit en jou onpartydige opregtheid sal voor jou uitgaan; die eer, lof en aanbidding van יהוה sal jou agterhoede wees. ^{Mal 3:20}
- 9 Dan sal jy roep en יהוה sal antwoord; jy sal uitroep en Hy sal sê: ‘Hier is Ek!’ As jy die juk, die vingerwys en die bose gepraat uit jou midde verwyder
- 10 en jou brood gee vir die wat honger is en die geteisterdes se begeertes vervul; dan sal jou lig skyn in duisternis en jou donkerheid sal wees soos die middag.

- 11 יְהוָה sal jou voortdurend lei en jou begeerte versadig in geskroeiende plekke en krag gee aan jou gebeente en jy sal wees soos 'n natgeleide tuin en soos 'n fontein van water waarvan die water nooit ophou nie. ^{Yog 7:37,38}
- 12 Die vanuit jou sal die ou puinhope herbou; jy sal die eeue oue fundamente oprig en jy sal 'die herbouer van gebreekte mure', 'hersteller van strate om in te bly,' genoem word.
- 13 As jy, as gevolg van die Shabbat, jou voet wegdraai daarvan om jou eie plesier op My afgesonderde dag te doen en die Shabbat 'n vreugde, die afgesonderde dag van יְהוָה eerbaar, noem en dit eer, deur nie jou eie dinge te doen, jou eie plesier te soek en jou eie woorde te praat nie, ^{Eks 20:8-11; 31:14; Lev 23:3; 24:8; Neg 13:17-22; Dan 7:25; Mat 12:8; 24:20; Hand 13:42; Heb 4:9}
- 14 dan sal jy vreugde vind in יְהוָה en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou voed met die erfenis van Ya'akov, jou vader, want die mond van יְהוָה het gepraat."
- 59** 1 Let op, die hand van יְהוָה is nie te kort dat dit nie kan red nie en Sy oor is ook nie doof dat dit nie kan hoor nie,
- 2 maar julle boosheid het 'n skeiding gemaak tussen julle en julle God en julle sondes het Sy gesig vir julle verberg sodat Hy nie hoor nie,
- 3 want julle hande is onrein gemaak deur bloed en julle vingers met wetteloosheid; julle lippe het valsheid gepraat, julle tong mompel boosheid.
- 4 Niemand kla in onpartydige opregtheid aan en niemand pleit eerlik nie; hulle vertrou in verwarring en praat leuens; hulle raak swanger aan moeilikheid en gee geboorte aan boosheid.
- 5 Hulle broei adder-eiers uit en weef spinnerakke; hy wat van hulle eiers eet, sterf en uit die wat stukkend gebreek word, breek 'n adder uit.
- 6 Hulle geweefdes sal nie klere word nie en hulle sal hulle ook nie met hulle werke toemaak nie; hulle werke is bese werke en 'n daad van geweld is in hulle hande. ^{Open 19:8}
- 7 Hulle voete hardloop na boosheid en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is bese gedagtes, verwoesting en vernietiging is op hulle hoofpaaie.
- 8 Hulle ken nie die pad van vrede nie en daar is geen regverdige oordeel in hulle spore nie; hulle maak hul paaie verdraaid, niemand wat daarop loop, ken vrede nie.
- 9 Regverdige oordeel is daarom ver van ons af en onpartydige opregtheid haal ons nie in nie; ons hoop op lig, maar let op, duisternis; op helderheid, maar ons loop in donkerte. ^{Spr 1:16; Rom 3:15-17}
- 10 Ons tas rond langs die muur soos blindes, ons tas rond soos die wat geen oë het nie; ons struikel op die middag soos in die skemeraand; ons is onder die gesondes soos dooie mense.
- 11 Ons brom almal soos bere en kla treurig soos duiwe; ons hoop op regverdige oordeel, maar daar is geen; op verlossing, dit is ver van ons af,
- 12 want ons oortreding van die wet is vermenigvuldig voor U en ons sondes getuig teen ons, want ons wetsoortreding is by ons en ons ken ons booshede:

- 13 oortreding en ontkenning van יהוה en wegdraai van ons God; die praat van onderdrukking en opstand, die vorming en uitspraak van leuentaai uit die verstand, wil en emosie.
- 14 Regverdige oordeel word teruggedraai en onpartydige opregtheid staan ver weg, want die waarheid struikel in die straat en opregtheid kan nie inkom nie.
- 15 Ja, die waarheid kom kort en wie afwyk van die boosheid, maak homself 'n prooi. Nou het יהוה gesien en dit was onaanvaarbaar in Sy oë, dat daar geen regverdige oordeel was nie.
- 16 Hy het gesien dat daar niemand was nie en het gewonder dat daar niemand is om tussenbeide te tree nie; toe het Sy eie arm vir Hom verlossing gebring en Sy onpartydige opregtheid het Hom in stand gehou. Yes 63:5; Open 5:3
- 17 Hy het onpartydige opregtheid aangetrek soos 'n borsplaat en die helm van verlossing op Sy kop gesit en Hy het klere van wraak aangetrek as klere en Homself toegedraai met ywer as 'n mantel. Efe 6:13-17
- 18 Volgens hulle dade, so sal Hy vergeld: toorn aan Sy teëstanders, terugbetaling aan Sy vyande; aan die kuslande sal Hy terugbetaal.
- 19 So sal hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה vrees van die weste af en Sy lof, eer en waarde vanaf die opgaan van die son, want die onderdrukker sal kom soos 'n stormende stroom en die Gees van יהוה sal hom verneder.
- 20 "n Loskoper sal na Tziyon toe kom en na die wat in Ya'akov wegdraai van oortreding," verklaar יהוה. Yes 49:7; Rom 11:26
- 21 "Wat My betref, hierdie is My verbond met julle," sê יהוה: "My Gees wat op jou is en My woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal nie uit jou mond uitwyk nie en ook nie uit die mond van jou nageslag en ook nie uit die mond van jou nageslag se nageslag nie," sê יהוה, "van nou af en vir ewig.
- 60** 1 "Staan op, skyn, want jou Lig het gekom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het oor jou opgekom,
- 2 want let op, duisternis sal die aarde oordek en 'n diepe donkerheid die volke, maar יהוה sal oor jōu opkom en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid sal oor jou verskyn.
- 3 Nasies sal na jou lig toe kom en konings na die helderheid van jou opkoms.
- 4 Lig jou oë op en kyk rondom; hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe. Jou seuns sal van ver af kom en jou dogters sal in die arms gedra word.
- 5 Dan sal jy sien en jou gesig sal ophelder en jy sal verheug wees en jou verstand, wil en emosie sal tot rus kom, want die rykdom van die see sal na jou toe gedraai word, die sterkte van die nasies sal na jou toe kom.
- 6 'n Menigte kamele sal jou todek, die drommedarisse van Midyan en 'Eifah; almal vanaf Sh'va sal kom; hulle sal goud en wierook bring en sal goeie nuus dra van die lofprysing van יהוה.
- 7 Al die kleinvee van Kedar sal by jou bymekaargemaak word, die ramme van N'vayot sal jou bedien; hulle sal met aanvaarding opgaan na My altaar en Ek sal eer en lof bring aan My huis van lof, eer en waarde.
- 8 Wie is hierdie wat soos 'n wolk vlieg, soos duiwe na hulle vensters?

- 9 Die kuslande sal sekerlik vir My wag en die skepe van Tarshish sal kom soos van ouds met hul silwer en goud vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God en vir die Afgesonderde Een van Yisra'el, om jou seuns van ver af te bring omdat Hy jou eer en lof gebring het.
- 10 Vreemdelinge sal jou mure opbou en hulle konings sal jou bedien, want in My toorn het Ek jou geslaan en in My guns het Ek vir jou omgee.
- 11 Jou poorte sal voortdurend oop wees; hulle sal nie bedags of snags gesluit word nie sodat hulle, met hulle konings gelei in optog, die rykdom van die nasies na jou toe kan bring.
- 12 want die nasie en die koninkryk wat jou nie sal dien nie, sal vergaan en dié nasie sal totaal vernietig word.
- 13 Die lof en eer van die L'vanon sal na jou toe kom, die jenewerboom, die palmhout en die sipres saam, om die plek van My Afgesonderdheid mooi te maak en Ek sal die plek van My voete wonderlik maak.
- 14 Die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal buigend na jou toe kom en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole en hulle sal jou die Stad van יהוה noem, Tziyon van die Afgesonderde Een van Yisra'el.
- 15 Waar jy verlate en gehaat was met niemand wat deurgaen nie, sal Ek jou maak tot 'n ewige trots, 'n vreugde van geslag tot geslag.
- 16 Jy sal ook die rykdom van nasies byvoeg en die rykdom van konings verkry; dan sal jy weet dat Ek, יהוה, jou Verlosser, jou Loskoper is, die Magtige Een van Ya'akov.
- 17 In plaas van koper sal Ek goud bring en in plaas van yster sal Ek silwer bring en in plaas van hout, koper en in plaas van klippe, yster en Ek sal vrede as jou administrateur aanstel en onpartydige opregtheid as jou toesighouers.
- 18 Geweld sal nie meer in jou land gehoor word nie en ook nie verwoesting of vernietiging in jou grondgebied nie, maar jy sal jou mure "verlossing" noem en jou poorte "lofprysing."
- 19 Jy sal nie langer die son bedags as lig hê nie en die maan sal ook nie vir jou lig as helderheid gee nie, maar jy sal יהוה as 'n ewige Lig hê en jou God as jou Lof en Eer. ^{Open 21:23-24}
- 20 Jou son sal nie meer ondergaan nie en jou maan nie kleiner word nie, want jy sal יהוה as 'n ewige Lig hê en die dae van jou rou sal verby wees.
- 21 Dan sal al jou mense onpartydig opreg wees; hulle sal vir ewig die land besit, die lote wat Ek geplant het, die werk van My hande sodat Ek geloof, geëer en aanbid sal word.
- 22 Die kleinste een sal 'n stam word en die geringste een 'n magtige nasie. Ek, יהוה, sal dit op die regte tyd verhaas."
- 61** 1 Die Gees van יהוה-God is op My omdat יהוה My gesalf het om goeie nuus te bring aan die geteisterdes; Hy het My gestuur om die gebrokenes van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerdes te verklaar en loslating vir gevangenes; ^{Mat 11:5}
- 2 om die jaar van guns van יהוה aan te kondig en die dag van die wraak van ons God; om almal wat treur te troos, ^{Luk 4:18,19}

- 3 om aan die wat treur in Tziyon te voorsien; vir hulle 'n sierkrans te gee in die plek van as, vreugde-olie in plaas van rou, die mantel van lofprysing in plaas van 'n verslae gees. Hulle sal eikebome van onpartydige opregtheid, deur יהוה geplant, genoem word sodat Hy geloof, geëer en aanbid kan word.
 - 4 Dan sal hulle die ou puinhoop herbou, die vorige verwoeste plekke oplig en die verwoeste stede herstel; die vernietiging van baie geslagte.
 - 5 Vreemdelinge sal staan en julle kleinvee oppas en buitelanders sal julle boere en wynboere wees,
 - 6 maar julle sal die priesters van יהוה genoem word; ^{Eks 19:6; 1 Kef 2:5,9; Open 1:6; 20:6} daar sal van julle gepraat word as bedienaars van ons God! Julle sal die rykdom van die nasies eet en in hulle rykdom sal julle roem.
 - 7 In plaas van julle skande, 'n dubbele deel vir julle en in plaas van vernedering sal julle jubel oor hulle deel; daarom sal julle 'n dubbele deel in hulle land besit, ewige vreugde sal hulle s'n wees,
 - 8 want Ek, יהוה, het die regverdige oordeel lief; Ek haat diefstal en oortreding; Ek sal jou werk in waarheid lei en 'n ewige verbond met jou sluit.
 - 9 Dan sal julle nageslag bekend wees onder die nasies en julle nakomelinge onder die volke. Almal wat julle sien, sal julle herken, want julle is die nageslag wat יהוה geseën het.
 - 10 Ek sal my grootliks verbly in יהוה, my lewe sal in die rondte swaai van vreugde in my God, want Hy het my aangetrek met klere van verlossing, Hy het my in die mantel van onpartydige opregtheid toegedraai, soos 'n bruidegom die hoofversiersel ombind en soos 'n bruid haarself versier met haar juwele,
 - 11 want soos die aarde sy spruite voortbring en soos 'n tuin dit wat gesaai is, laat uitspruit, so sal יהוה-God onpartydige opregtheid en lofprysing laat opspring voor al die nasies.
- 62** 1 Ter wille van Tziyon sal ek nie stil wees nie en ter wille van Yerushalayim sal ek nie stilbly nie totdat haar onpartydige opregtheid uitbreek soos helderheid en haar verlossing soos 'n fakkel wat brand.
- 2 Die nasies sal jou onpartydige opregtheid sien en al die konings jou lof en eer en jy sal 'n nuwe naam genoem word wat deur die mond van יהוה uitgewys sal word. ^{Yes 65:15; Open 2:17}
 - 3 Jy sal ook 'n kroon van skoonheid wees in die hand van יהוה en 'n koninklike tulband in die hand van jou God.
 - 4 Dit sal nie langer vir jou gesê word, "In die steek gelaat," nie en ook nie vir jou land, "Verwaarloos," nie, maar jy sal genoem word: "My vreugde is in haar" en jou land: "Getroude," want יהוה is bly oor jou en jou land sal getroud wees, ^{Hos 1 en 2}
 - 5 want soos 'n jongman 'n maagd trou, so sal jou gekoses met jou trou en soos die bruidegom hom verheug oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees. ^{Open 19:7}
 - 6 O Yerushalayim, Ek het wagte op jou mure aangestel; die hele dag en die hele nag sal hulle nooit stilbly nie. Julle wat יהוה herinner, neem geen rus nie
 - 7 en gee Hom geen rus nie totdat Hy Yerushalayim vestig en maak tot 'n lofprysing op die aarde! ^{Open 21}

- 8 יהוה het gesweer by Sy regterhand en by Sy magtige arm: “Ek sal jou graan nooit weer as kos vir jou vyande gee nie; ook sal buitelanders nie jou nuwe wyn drink waarvoor jy gewerk het nie,
 9 maar hulle wat dit insamel, sal dit eet en יהוה prys en hulle wat dit oes, sal dit drink in die howe van My Afgesonderde Plek.”
 10 Gaan deur, gaan deur die poorte, maak die pad oop vir die mense! Bou op, bou op die hoofpad; verwyder die klippe, lig 'n banier op oor die volke!
 11 Let op, יהוה het tot aan die einde van die aarde aangekondig, sê vir die dogter van Tziyon: “Kyk, jou Verlossing kom; let op, Sy beloning is by Hom en Sy vergoeding voor Hom.”
 12 Hulle sal genoem word: “Die afgesonderde volk, die vrygekooptes van יהוה” en jy sal genoem word: “Uitgesoekte, 'n stad nie in die steek gelaat nie.”

- 63** 1 Wie is dit wat kom vanaf Edom, met donker rooi klere vanaf Botzrah? Wie is majestueus in Sy kleredrag en magtig in die grootheid van Sy krag? “Dit is Ek wat in onpartydige opregtheid praat, magtig om te red.”
 2 Waarom is U kleredrag rooi en U klere soos dié van een wat in die wynpers trap?
 3 “Ek het die wyn alleen deurgetrap en van die volke was daar niemand by My nie. Ek het hulle ook getrap in My woede en hulle vertrap in My toorn en hulle lewensbloed het op My klere gespat en Ek het al My klere bevlek,
 4 want die dag van wraak was in My verstand, wil en emosie en My jaar van loskoping het gekom.
 5 Ek het gekyk en daar was niemand om te help nie en Ek het gewonder omdat daar niemand was om te ondersteun nie; My eie arm het vir My verlossing gebring en My toorn het My ondersteun. Yes 59:16; Open 5:3
 6 Ek het volke vertrap in My woede en hulle dronk gemaak in My toorn en Ek het hulle lewensbloed op die aarde uitgegooi.”
 7 Ek sal die liefdevolle goedheid van יהוה noem, die lofprysing van יהוה, volgens alles wat יהוה aan ons toegestaan het en die groot goedheid teenoor die huis van Yisra'el, wat Hy aan hulle toegestaan het volgens Sy omgee en volgens die oorvloed van Sy liefdevolle goedheid,
 8 want Hy het gesê: “Hulle is sekerlik My volk, seuns wat nie vals sal wees nie.” So het Hy hulle Verlosser geword.
 9 In al hulle pyniging was Hy gepynig en die boodskapper van Sy Teenwoordigheid het hulle gered; in Sy liefde en in Sy omgee het Hy hulle losgekoop en Hy het hulle opgetel en hulle gedra, al die dae van ouds,
 10 maar hulle het rebelleer en Sy Gees wat Afgesonderd is bedroef; Hand 7:51; Efe 4:30 daarom het Hy Homself gedraai om hulle vyand te word; Hy het teen hulle geveg.
 11 Toe het Sy volk die ou dae van Mosheh onthou. Waar is Hy wat hulle uit die see uitgebring het saam met die herders van Sy kudde? Waar is Hy wat Sy Gees wat Afgesonderd is in hulle midde geplaas het;
 12 wat hulle deur Sy wonderlike arm en regterhand gelei het, wat die waters voor hulle verdeel het, om vir Homself 'n ewige Naam te maak;

- 13 wat hulle deur die dieptes gelei het? Soos 'n perd in die wildernis het hulle nie gestruik nie.
- 14 Soos die beeste wat in die vallei afgaan, het die Gees van יהוה hulle rus gegee. Só het U U volk gelei, om vir Uself 'n eervolle, lofwaardige Naam te maak.
- 15 “Kyk van die hemel af neer en sien uit U afgesonderde en lofwaardige blyplek, waar is U ywer en U magtige daad? Die ontroering van U verstand, wil en emosie en U liefdevolle omgee is ingehou teenoor ons,
- 16 want U is ons Vader, alhoewel Avraham ons nie ken nie en Yisra'el ons nie erken nie. U, O יהוה, is ons Vader en ons Loskoper. U Naam is van ewigheid af.
- 17 יהוה, waarom laat U ons wegdwaal van U paaie en verhard U ons verstand, wil en emosie sodat ons U nie vrees nie? Kom terug ter wille van U diensknegte, die stamme van U erfenis!
- 18 U afgesonderde volk het U Afgesonderde Plek vir 'n kort rukkie besit; ons teëstanders het dit vertrap.
- 19 Ons het geword soos hulle oor wie U nooit geheers het nie, hulle waaroor U Naam (Karakter en Outoriteit) nie uitgeroep is nie. Ag, as U maar die hemele wou skeur en afkom sodat die berge sal bewe voor U Teenwoordigheid
- 64** 1 dat hulle mag smelt soos was voor die vuur smelt en dat vuur U vyande mag verteer, om U Naam (Karakter en Outoriteit) aan U teëstanders bekend te maak sodat die nasies in U Teenwoordigheid mag bewe,
- 2 wanneer U ontsagwekkende dinge doen wat ons nie verwag het nie. U het afgekom en die berge het geskud in U Teenwoordigheid!
- 3 Van die begin van die wêreld af het hulle dit nie gehoor of met die oor waargeneem, of het die oog, o God, enige buiten U gesien nie, as gevolg van wat U doen vir dié wat op U wag. Ps 31:18-20; 1 Kor 2:9
- 4 U ontmoet hom wat onpartydige opregtheid doen, wat U met vreugde in U handelswyses onthou. Let op, U was kwaad, want ons het gesondig; ons het oortree teenoor U handelswyses en tog sal ons gered word.
- 5 Ons het almal geword soos 'n onrein ding en al ons regverdige daad is soos 'n vuil kleed; ons het almal verwelk soos 'n blaas en ons onregverdigheid het ons weggevat soos die wind.
- 6 Daar is niemand wat U Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep, wat onthou om aan U vas te hou nie, want U het U gesig weggedraai van ons af en ons oorgegee aan die krag van ons sondes,
- 7 maar nou, יהוה, U is ons Vader; ons is die klei en U is ons Pottebakker en ons is almal die werk van U hand.
- 8 יהוה, wees nie uitermate kwaad nie en onthou nie die onregverdigheid vir ewig nie; let op, kyk nou, ons is almal U volk.
- 9 U afgesonderde stede het 'n wildernis geword; Tziyon het 'n wildernis geword, Yerushalayim 'n verlatenheid. Yes 64:9,10
- 10 Ons afgesonderde en pragtige huis waar ons vaders U geloof het, is met vuur verbrand en al ons kosbaarhede, het 'n puinhoop geword.
- 11 יהוה, sal U Uself terughou oor hierdie dinge? Sal U stilbly en ons uitermate teister?”

- 65** 1 “Ek het Myself laat soek deur hulle wat nie na My gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; ^{Rom 10:20} aan ’n nasie wat nog nooit My Naam uitgeroep het nie, het Ek gesê: ‘Hier is Ek, hier is Ek!’
- 2 Ek het My hande die hele dag lank uitgesprei na ’n rebelse volk, ^{Rom 10:21} wat loop op ’n pad wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;
- 3 ’n volk wat My voortdurend in die gesig uittart, deur offers in tuine te bring en wierook te laat opgaan op bakstene;
- 4 wat tussen die grafte sit en die nag in geheime plekke deurbring; wat varkvleis eet en in hulle potte is die mengsel van onrein vleis, ^{Lev 11:7; Yes 66:17}
- 5 wat sê: ‘Bly by jousef! Kom nie naby my nie, want ek is meer afgesonder as jy!’ Hulle is rook in My neusgate, ’n vuur wat die hele dag brand.
- 6 Let op, dit staan voor My geskryf, Ek sal nie stilbly nie, maar Ek sal terugbetaal; Ek sal selfs in hulle boesem terugbetaal,
- 7 beide hulle onregverdigheid en die onregverdigheid van hulle vaders saam,” sê יהוה.
- “Omdat hulle wierook op die berge gebrand het en My gespot het op die heuwels sal Ek al hulle vorige werke in hulle boesem uitmeet.”
- 8 So sê יהוה: “Soos die nuwe wyn in die tros gevind word en een sê: ‘Verniel dit nie, want daar is voordeel in dit,’ so sal Ek optree ter wille van My diensknegte, om nie almal van hulle te vernietig nie.
- 9 Ek sal ’n nageslag uit Ya’akov laat voortkom en ’n erfgenaam van My berge uit Y’hudah; My gekoses sal dit erf en My diensknegte sal daar bly.
- 10 Sharon sal ’n weiveld vir kleinvee wees en die vallei van Akhor ’n rusplek vir beeste, vir My volk wat My soek,
- 11 maar julle wat יהוה verlaat, wat My afgesonderde berg vergeet, wat ’n tafel dek vir Gad (die gelugsgod) en gemengde wyn insink vir Meni (die god van die noodlot),
- 12 sal Ek bestem vir die swaard en julle almal sal neerbuig vir die slagting omdat Ek geroep het, maar julle het nie geantwoord nie, Ek het gepraat, maar julle het nie gehoor, geluister en gedoen nie en julle het boosheid voor My oë gedoen en gekies wat My nie behaag nie.”
- 13 יהוה-God sê daarom: “Let op, My diensknegte sal eet, maar julle sal honger bly. Let op, My diensknegte sal drink, maar julle sal dors wees. Let op, My diensknegte sal bly wees, maar julle sal beskaamd staan.
- 14 Let op, My diensknegte sal vreugdevol uitroep met ’n vrolike verstand, wil en emosie en julle sal uitskree met ’n swaar gemoed en huil met ’n gebreekte gees.
- 15 Julle sal jul naam (karakter en outoriteit) as ’n vloek vir My gekoses laat agterbly en יהוה-God sal jou doodslaan, maar My knegte sal met ’n ander naam (karakter en outoriteit) genoem word, ^{Yes 62:2; Open 2:17}
- 16 want hy wat homself seën in die land, sal homself seën deur die God van waarheid en hy wat sweer op die aarde, sal sweer by die God van waarheid, want die vorige moeilikhede is vergeet en hulle is verborge vir My oë,
- 17 want let op, Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde en die vorige dinge sal nie onthou word of aan gedink word nie, ^{2 Kef 3:13; Open 21:1}

- 18 maar wees julle bly en swaai in die rondte van vreugde vir ewig oor wat Ek skep, want let op, Ek skep Yerushalayim om te jubel en sy mense vir blydskap.
- 19 Ek sal ook in die rondte swaai van vreugde oor Yerushalayim en bly wees oor My volk en daar sal nie meer die stem van geweën of die stem van geskree in haar gehoor word nie.
- 20 Daar sal nie meer 'n suigeling in haar wees wat net 'n paar dae leef of 'n ou man wat nie sy dae uitleef nie, want die jeug sal sterf op 'n honderd jaar oud en wie nie een honderd jaar bereik nie, sal vervloek wees.
- 21 Hulle sal huise bou en daarin bly en ook wingerde plant en die vrug daarvan eet.
- 22 Hulle sal nie bou en 'n ander daarin bly nie; hulle sal nie plant en 'n ander dit eet nie, want soos die dae van 'n boom, sal My volk wees en My gekoses sal die werk van hulle hande geniet. Deut 28:22
- 23 Hulle sal nie tevergeefs werk of geboorte gee aan kinders vir 'n vervloeking nie, want hulle is die nageslag van die wat deur יהוה geseën is en hulle nakomelinge saam met hulle.
- 24 Dit sal ook gebeur dat voordat hulle roep, Ek sal antwoord en terwyl hulle nog praat, sal Ek hoor.
- 25 Die wolf en die lam sal saam wei en die leeu sal strooi eet soos 'n os en stof sal die slang se kos wees; hulle sal geen kwaad of skade doen op My hele afgesonderde berg nie,” sê יהוה. Yes 11:6-8
- 66** 1 So sê יהוה: “Die hemel is My troon en die aarde is My voetstoel. Mat 5:35 Waar is dan die huis wat julle vir My kan bou? Waar is 'n plek waar Ek kan rus?
- 2 Want My hand het al hierdie dinge gemaak, so het dit alles ontstaan,” Hand 7:50 verklaar יהוה, “maar na hierdie een sal Ek kyk: na hom wat nederig is, berouvol van gees en wat My Woord respektvol vrees.
- 3 Hy wat 'n bees slag, is soos een wat 'n man doodslaan; hy wat 'n lam offer, soos hy wat 'n hond se nek breek; hy wat 'n graanoffer bring soos een wat varkbloed offer; hy wat wierook brand, is soos hy wat boosheid seën. Soos hulle hul eie paaie gekies het en hulle lewens 'n behae in hul verwerplikhede het,
- 4 so sal Ek hulle strawwe kies en dit wat hulle vrees oor hulle bring omdat Ek geroep het, maar niemand het geantwoord nie; Ek het gepraat, maar hulle het nie geluister nie; hulle het boos gedoen in My oë en gekies wat My nie behaag nie.”
- 5 Hoor die woord van יהוה, julle wat bewe voor Sy Woord! “Sê aan julle broers wat julle haat, wat julle uitsluit om My Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil: ‘Laat יהוה geloof en geëer word.’ Wees vol vreugde in jou blydskap en hulle sal beskaamd staan!”
- 6 “'n Klank van oproer uit die stad, 'n stem vanaf die tempel. Die stem van יהוה wat Sy vyande beloon!
- 7 Voordat sy geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee; voordat haar pyn gekom het, het sy geboorte gegee aan 'n seun.
- 8 Wie het van so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Kan 'n land in een dag gebore word? Kan 'n nasie op een slag voortgebring word? Sodra Tziyon geboortepyne gekry het, het sy geboorte gegee aan haar kinders.

- 9 Sal Ek tot op die punt van geboorte bring en nie tot geboorte laat kom nie?" vra יְהוָה.
 "Of miskien is dit nie Ek wat geboorte laat gee en wat die baarmoeder sluit nie?"
 vra jou God.
- 10 "Wees bly saam met Yerushalayim en swaai in die rondte van vreugde oor haar,
 almal wat haar lief het! Wees uitermate vrolik saam met haar, almal wat oor haar
 treur
- 11 sodat julle kan drink en versadig word aan haar vertroostende borste sodat julle kan
 suig en julle verlustig aan haar oorvloedige boesem,"
- 12 want so sê יְהוָה: "Let op, Ek steek vrede na haar toe uit soos 'n rivier en die eer en
 lof van die nasies soos 'n oorlopende stroom en julle sal versorg word, julle sal op
 die heup gedra word en op die knieë vertroetel word.
- 13 Soos een wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos en julle sal in
 Yerushalayim getroos word."
- 14 Dan sal julle sien en julle verstand, wil en emosie sal vrolik wees en julle gebeente
 sal floreer soos jong gras en die hand van יְהוָה sal bekend gemaak word aan Sy
 diensknegte, maar Hy sal verontwaardig wees teenoor Sy vyande,
- 15 want let op, יְהוָה sal kom in vuur en Sy strydwaens soos 'n warrelwind, om Sy
 woede met toorn aan te bied en Sy bestraffing met vlamme van vuur, ^{Ps 79:6; 2 Thes 1:8}
- 16 want יְהוָה sal met vuur en met Sy swaard oor alle vlees oordeel vel en hulle wat
 deur יְהוָה verslaan is, sal baie wees.
- 17 "Die wat hulleself afsonder en hulleself reinig vir die tuine terwyl hulle die een wat
 in die middel staan, wat varkveis, verwerplike dinge en muise eet, volg, sal almal
 saam tot 'n einde kom," verklaar יְהוָה, ^{Lev 11:7; Yes 65:4}
- 18 want Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom om al die nasies en tale te
 versamel en hulle sal kom en My Gemanifesteerde Teenwoordigheid sien.
- 19 Ek sal 'n teken tussen hulle plaas en oorlewendes vanaf hulle na die nasies uitstuur:
 Tarshish, Pul, Lud, Meshekh, Rosh, Tuval en Yavan, na die ver kuslande wat nie
 van My roem gehoor of My lof en eer gesien het nie. Hulle sal My lof, eer en
 waarde onder die nasies verkondig.
- 20 Dan sal hulle al julle broers bring uit al die nasies as graanoffer tot יְהוָה, op
 perde, in waens, in draagstoele, op muile en op kamele na My afgesonderde berg
 Yerushalayim," sê יְהוָה, "net soos die seuns van Yisra'el hulle graanoffer in 'n rein
 houer na die huis van יְהוָה bring.
- 21 Ek sal ook sommige van hulle as priesters en Leviëte vat," sê יְהוָה,
- 22 "want net soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor My sal
 staan," verklaar יְהוָה, "so sal julle nageslag en julle naam staan. ^{2 Kef 3:13; Open 21:1}
- 23 Dit sal wees vanaf Nuwemaan tot Nuwemaan en van Shabbat tot Shabbat dat die
 ganse mensdom sal kom om voor My neer te buig," sê יְהוָה.
- 24 "Dan sal hulle uitgaan en die lyke van die mense wat teen My oortree het, sien,
 want hulle wurm sal nie sterf en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie en hulle sal
 'n afsku wees vir die ganse mensdom." ^{Mar 9:44,46,48}

Die dertiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die agste boek van die Profete

Die tweede boek van die Latere Profete

Yirmeyahu

(Jeremia)

יִרְמְיָהוּ - hy vir wie יְהוָה aangestel het.

Die boek is deur die profeet Yirmeyahu (Yir 36:1) in die vierde jaar van Y'hoyakhin, op bevel van יְהוָה geskryf en gedikteer aan sy student, Barukh.

Hy het vir 50 jaar bedien vanaf 627 voor Yeshua.

- 1 Die woorde van Yirmeyahu, die seun van Hilkiyahu, vanuit die priesters wat in `Anatot, in die land van Binyamin was, ^{2 Kon 22:4; 23:4}
- 2 tot wie die woord van יהוה gekom het in die dae van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y'hudah, in die dertiende jaar van sy regering.
- 3 Dit het ook gekom in die dae van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, tot aan die einde van die elfde jaar van Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, totdat die inwoners van Yerushalayim in gevangenskap weggevat is in die vyfde maand. ^{2 Kon 22-25}
- 4 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 5 "Voordat Ek jou in die baarmoeder gevorm het, het Ek jou geken en voordat jy gebore is, het Ek jou afgesonder; Ek het jou as 'n profeet vir die nasies aangestel." ^{Ps 139:16}
- 6 Toe het ek gesê: "Helaas, יהוה-God, let op, ek weet nie hoe om te praat nie, want ek is jonk."
- 7 יהוה het egter vir my gesê: "Moenie sê: 'Ek is jonk' nie, want jy moet gaan waarheen Ek jou ook al stuur en alles wat Ek jou beveel, moet jy sê.
- 8 Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou om jou te bevry," verklaar יהוה.
- 9 Toe het יהוה Sy hand uitgesteek en my mond aangeraak en יהוה het vir my gesê: "Let op, Ek het My woorde in jou mond gelê.
- 10 Let op, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en af te breek, om te vernietig en omver te werp, om te bou en te plant."
- 11 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê: "Wat sien jy, Yirmeyahu?" Ek antwoord: "Ek sien 'n amandelboom se tak." ^{Num 17}
- 12 Toe het יהוה vir my gesê: "Jy het goed gesien, want Ek waak oor My woord om dit uit te voer."
- 13 Die boodskap van יהוה het vir die tweede keer tot my gekom en gesê: "Wat sien jy?" Ek antwoord: "Ek sien 'n kokende pot en sy opening is na die noorde toe."
- 14 Toe sê יהוה vir my: "Uit die noorde uit sal die boosheid losbreek oor al die inwoners van die land,
- 15 want let op, Ek roep al die families van die koninkryke van die noorde," verklaar יהוה; "en hulle sal kom en hulle sal elkeen sy troon opstel by die ingang van die poorte van Yerushalayim en teen al sy mure rondom en teen al die stede van Y'hudah.
- 16 Ek sal My oordele oor hulle uitspreek, weens al hulle boosheid, waardeur hulle My verlaat het en offers aan ander gode geoffer het en die werke van hulle eie hande aanbid het.
- 17 Nou, bind jou heupe vas, staan op en sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie bang wees vir hulle nie, ^{Yog 12:43; Rom 1:16} of Ek sal jou voor ^{Mat 10:33; Mark 8:38; 2 Tim 2:12b} hulle neerwerp.
- 18 Let nou op, Ek het jou vandag soos 'n versterkte stad, 'n yster pilaar en koper mure teen die hele land gemaak, teen die konings van Y'hudah, teen sy prinse, teen sy priesters en teen die mense van die land.
- 19 Hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te bevry," verklaar יהוה. ^{Heb 13:5}

- 2 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 2 “Gaan en verkondig in die ore van die mense van Yerushalayim en sê: ‘So sê יהוה: “Ek onthou aangaande jou die toewyding van jou jeug, die liefde van jou uithou, hoe jy in die woestyn, deur ’n onbesaaide land, agter My aan geloop het.
- 3 Yisra’el is die eersteling van Sy oes, afgesonder vir יהוה. Almal wat daarvan vernietig, sal veroordeel word; boosheid sal oor hulle kom,” verklaar יהוה.”
- 4 Luister en hoor die woord van יהוה, o huis van Ya’akov en al die families van die huis van Yisra’el!
- 5 So sê יהוה: “Watter onregverdigheid het julle vaders in My gevind dat hulle ver van My af weggegaan en agter leegheid aan geloop het en self leeg geword het?
- 6 Hulle het nie gesê: ‘Waar is יהוה wat ons uit die land van Mitzrayim uit gebring het, wat ons deur die wildernis gelei het, deur ’n land van woestyne en kuile, deur ’n land van droogte en diep duisternis, deur ’n land waardeur niemand trek en waar geen mens bly,’ nie.
- 7 Ek het julle in die vrugbare land gebring om die vrugte en die goeie dinge daarvan te eet, maar julle het gekom en My land onteer en My erfenis het julle ’n verafskuwing gemaak.
- 8 Die priesters het nie gesê: ‘Waar is יהוה?’ nie. Die wat die wet handhaaf, het My nie geken nie; die heersers het ook teen My oortree en die profete het deur Ba’al geprofeteer en agter dinge aangeloop wat geen voordeel bring nie;
- 9 daarom sal Ek steeds met julle argumenteer,” verklaar יהוה; “en met julle kinds-kindere sal Ek argumenteer,
- 10 want gaan oor na die kuslande van die Kittiers, kyk en stuur na Kedar en gee daar goed ag op en kyk of daar so iets soos dié gebeur het!
- 11 Het ’n nasie sy gode verruil terwyl hulle nie-gode is? My volk het egter sy lof, eer en waarde verruil vir wat geen voordeel bring nie.
- 12 O hemele, wees verstom hieroor, sidder en wees bedroef,” verklaar יהוה,
- 13 “want My volk het twee booshede gedoen: hulle het My, die Fontein van lewende water, ^{Yog 4:13-14} verlaat om vir hulleself reënbakke uit te kap, gebreekte reënbakke wat geen water kan hou nie. ^{2 Kef 2:17}
- 14 Is Yisra’el ’n slaaf, of is hy ’n bediende wat in die huis gebore is? Waarom het hy ’n prooi geword?
- 15 Die jong leeus het vir hom gebrul, hulle het hard gebrul en van sy land ’n woesteny gemaak; sy stede is vernietig, sonder inwoner.
- 16 Die manne van Nof (Memphis) en Tagpanges het geheers oor die kroon van jou kop.
- 17 Het jy dit nie aan jouself gedoen deur יהוה, jou God, te verlaat toe Hy jou op die pad gelei het nie?
- 18 Wat maak jy dan nou op die pad na Mitzrayim, om die water van die Nyl te drink? Of wat maak jy op die pad na Ashur, om die waters van die Eufraat te drink?
- 19 Jou eie boosheid sal jou reghelp en jou afvalligheid sal jou bestraf; weet dan en sien dat dit boos en bitter is vir jou om יהוה, jou God, te verlaat; My respekvolle vrees is dan nie in jou nie,” verklaar יהוה, God van die leërskaare,

- 20 “want lank gelede het Ek jou juk verbreek en jou bande afgeskeur, maar jy het gesê: ‘Ek sal nie dien nie,’ want op elke hoë heuwel en onder elke groen boom het jy gaan lê as ’n hoereerder.
- 21 Nogtans het Ek jou geplant as ’n keur wingerdstok, ’n heeltemal betroubare saad. Hoe het jy jouself dan voor My verander in die minderwaardige lote van ’n vreemde wingerdstok?
- 22 Alhoewel jy jou was met loog en baie seep gebruik, is die vlek van jou onregverdigheid voor My,” verklaar יהוה -God.
- 23 “Hoe kan jy sê: ‘Ek is nie onteer nie; ek het nie agter die Ba’als aan gegaan nie?’ Kyk na jou lewenswyse in die valleie en besef wat jy gedoen het! Jy is ’n jong kameelkoei wat haar stem verhef;
- 24 ’n wilde-donkie, gewoon aan die wildernis, wat in haar heftige begeerte die wind snuif in die tyd van haar hitte! Wie kan haar wegkeer? Almal wat haar soek, sal hulle nie vermoei nie; in haar maand sal hulle haar kry.
- 25 Jou voete is moeg, want hulle is nie beslaan nie en jou keel droog van die dors, maar jy het gesê: ‘Ek het sterk geword en is nie bereid om te erken en om te draai nie, want ek het vreemdes liefgehad en sal agter hulle aan loop.’
- 26 Soos ’n dief beskaamd staan as hy ontdek word, so is die huis van Yisra’el beskaamd; hulle, hulle konings, hulle prinse, hulle priesters en hulle profete,
- 27 wat vir ’n boom sê: ‘Jy is my vader’ en vir ’n klip: ‘Jy het geboorte gegee aan my,’ want hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie die gesig nie, maar in die tyd van hulle moeilikheid sal hulle sê: ‘Staan op en red ons!’
- 28 Waar is jou gode wat jy vir jouself gemaak het? Laat hulle opstaan as hulle jou kan red in die tyd van jou moeilikheid, want volgens die getal van jou stede is jou gode, o Y’hudah!
- 29 Waarom stry julle met My? Julle almal het teen My oortree,” verklaar יהוה.
- 30 “Tevergeefs het Ek julle seuns geslaan; hulle het geen tugtiging aanvaar nie; julle swaard het julle profete verslind soos ’n vernietigende leeu.
- 31 O geslag, gee ag op die woord van יהוה! Was Ek ’n Wildernis vir Yisra’el of ’n Land van dik duisternis? Waarom sê My volk: ‘Ons is vernederd, ons sal nie meer na U toe kom nie?’
- 32 Kan ’n maagd haar versierings vergeet, of ’n bruid haar klere? Tog het My volk My dae sonder tal vergeet. ^{Yir 3:21}
- 33 Hoe goed berei jy jou pad voor om liefde te soek! Let op, jy het ook boosheid geleer deur jou optrede.
- 34 Ook is daar aan jou hande die bloed gevind van die onskuldige armes. Ek het dit nie gevind deur hard te soek nie, want dit is onder elke boom.
- 35 Tog het jy steeds gesê: ‘Ek is onskuldig; Sy toorn sal sekerlik weggedraai word van my af.’ Let op, Ek sal in oordeel met jou gaan omdat jy sê: ‘Ek het nie gesondig nie.’
- 36 Hoekom loop jy so baie rond en verander jou pad? Jy sal ook deur Mitzrayim beskaamd gemaak word soos jy deur Ashur beskaamd gemaak is.
- 37 Ja, jy sal vernederd van hom af weggaan, want יהוה is kwaad vir hulle waarop jy jou vertrou geplaas het en jy sal nie met hulle voorspoedig wees nie.”

- 3 1 Hy sê: “As ’n man sy vrou skei en sy gaan van hom af weg en behoort aan ’n ander man en hy gaan na haar toe terug, let op, die land sal besoedel wees. Jy het egter egbreuk gepleeg met baie heersers; draai terug na My toe,” verklaar יהוה!
- 2 “Lig jou oë op na die hoofpaaie en kyk of daar ’n plek is waar jy jouself nie oenteer het nie? Langs die paaie het jy vir hulle gesit en wag soos ’n volstruis in die woestyn en jy het die land besoedel deur jou hoerery;
- 3 daarom is die reënbuie teruggehou en daar was geen lentereëns nie. Steeds het jy ’n hoerevoorkop gehad, jy het geweier om skaam te wees.
- 4 Het jy nie nou net na My geroep nie: ‘My Vader, U is die Vriend van my jeug!’
- 5 Sal Hy vir ewig kwaad wees, sal Hy verontwaardig bly tot die einde?’ Let op, jy het gepraat en bese dinge gedoen en jou wil gekry.”
- 6 Toe het יהוה vir my in die dae van koning Yoshiyahu gesê: “Het jy gesien wat die ontroue Yisra’el gedoen het? Sy het opgegaan en op elke hoë heuwel en onder elke groen boom hoereer.
- 7 Ek het gedink: ‘Nadat sy dit alles gedoen het, sal sy terugdraai na My toe,’ maar sy het nie teruggedraai nie en haar boosheid is deur haar suster, Y’hudah, gesien.
- 8 Sy het al Yisra’el se boosheid gesien en omdat Yisra’el se inwoners hoerery gepleeg het, het Ek haar weggestuur en aan haar ’n skeibrief gegee; tog het haar perverse suster, Y’hudah, nie gevrees nie, maar het gegaan en ook hoereer. ^{Yir 11:10}
- 9 Haar hoerery was so oordadig dat sy die land besoedel en owerspel gepleeg het met afgode van klip en hout.
- 10 Noggans, ten spyte van dit alles, het haar misleidende suster, Y’hudah, nie met haar hele verstand, wil en emosie na My toe terug gedraai nie, maar net met valsheid,” verklaar יהוה.
- 11 יהוה het vir my gesê: “Ontroue Yisra’el het haarself meer as haar perverse suster, Y’hudah, regverdig.
- 12 Gaan en verkondig hierdie woorde na die noorde toe en sê: ‘Draai terug, inwoners van Yisra’el,’ verklaar יהוה; ‘Ek sal nie na jou kyk in woede nie, want Ek is goedgunstig,’ verklaar יהוה; ‘Ek sal nie vir ewig kwaad wees nie.
- 13 Erken slegs jou onregverdigheid dat jy teen יהוה, jou God, oortree het en jou gunste versprei het na die vreemdelinge onder elke groen boom en jy nie My stem gehoorsaam het nie,’ verklaar יהוה.
- 14 Erken en draai terug, o afvallige seuns,’ verklaar יהוה, ‘want Ek is ’n Meester vir julle en Ek sal julle vat, een uit ’n stad en twee uit ’n familie en Ek sal julle na Tziyon toe bring.
- 15 Dan sal Ek vir julle herders gee na My eie verstand, wil en emosie, wat julle sal voed met Godskennis en begrip.
- 16 Dit sal wees in daardie dae, wanneer julle vermenigvuldig en vermeerder het in die land,’ verklaar יהוה, ‘dat hulle nie meer sal sê: ‘Die ark van die verbond van יהוה’ nie. Dit sal nie in die gedagtes opkom nie, ook sal hulle dit nie onthou nie, ook nie mis nie en dit sal nie weer gemaak word nie. ^{Open 11:19}

- 17 In dié tyd sal hulle Yerushalayim noem, 'die troon van יהוה' en al die nasies sal daar, by Yerushalayim, bymekaar gebring word, vanweë die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hulle sal ook nie meer agter die hardnekkigheid van hul bouse verstand, wil en emosie aanloop nie.
- 18 In daardie dae sal die huis van Y'udah saam met die huis van Yisra'el loop en hulle sal saam vanuit die land van die noorde kom na die land wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het.
- 19 Toe het Ek gedink hoe Ek jou sal vestig tussen My seuns en aan jou 'n aangename land sal gee, die mooiste erfenis van die nasies! Ek het ook gedink: 'Jy sal My noem: My Vader en nie wegdraai daarvan om My te volg nie.'
- 20 Beslis, soos 'n vrou ontrou weggaan van haar minnaar, so het julle ontrou met My gehandel, o huis van Yisra'el," verklaar יהוה.
- 21 'n Stem is gehoor op die hoofpaaie, die gehuil en gesmeek van die seuns van Yisra'el omdat hulle hul lewenswyses bederf het, יהוה, hulle God, vergeet het.
- 22 "Draai terug, o ontroue seuns; Ek sal julle ontrouheid genees." "Let op, ons kom na U toe, want U is יהוה, ons God.
- 23 Waarlik, die heuwels is 'n misleiding, 'n opskudding op die berge. Waarlik, in יהוה, ons God, is die verlossing van Yisra'el,
- 24 maar die skandelige ding het die arbeid van ons vaders verteer sedert ons jeug, hulle kleinvee en hulle beeste, hulle seuns en hulle dogters.
- 25 Laat ons lê in ons skande en laat ons vernedering ons oordek, want ons het teen יהוה, ons God, gesondig, ons en ons vaders, van ons jeug af tot vandag toe en ons het nie die stem van יהוה, ons God, gehoorsaam nie."
- 4** 1 "As jy sou erken en omdraai, o Yisra'el," verklaar יהוה, "dan moet jy na My toe terugdraai en as jy jou verwerplike dinge van voor My Teenwoordigheid af sal wegsit en nie twyfel nie
- 2 en jy sal sweer: 'So waar as יהוה leef,' in waarheid, in regverdige oordeel en in onpartydige opregtheid, dan sal die nasies hulleself in Hom seën en in Hom sal hulle hul beroem,"
- 3 want so sê יהוה aan die manne van Y'udah en aan Yerushalayim: "Ploeg julle braakland om en moenie tussen dorings saai nie.
- 4 Besny julleself tot יהוה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'udah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade." Deut 10:16; Deut 30:6; Yir 9:24; Yeg 44:7,9; Yo'el 2:13; Rom 2:29; Gal 5:2-6; Kol 2:11
- 5 Verklaar in Y'udah en verkondig dit in Yerushalayim en sê: "Blaas die ramshoring in die land! Roep hardop uit en sê: 'Bring julleself bymekaar en laat ons in die versterkte stede ingaan!'
- 6 Lig 'n banier na Tziyon toe óp! Soek skuiling, moenie staan nie, want Ek bring boosheid uit die noorde en 'n groot vernietiging.
- 7 'n Leeu het opgekom uit sy fynbos en 'n vernietiger van nasies het opgetrek; hy het uit sy plek uitgegaan om jou land 'n woesteny te maak; jou stede sal puinhoop word, sonder inwoners.

- 8 Hiervoor, trek rouklere aan, treur en huil, want die heftige woede van יהוה het nie omgedraai van jou af nie.”
- 9 “Dit sal gebeur op dié dag,” verklaar יהוה, “dat die binneste van die koning en die binneste van die prinse sal faal en die priesters sal verskrik wees en die profete verstom staan.”
- 10 Toe het ek gesê: “Ag, יהוה-God, waarlik, ek het hierdie volk en vir Yerushalayim grootliks mislei deur te sê: ‘Julle sal vrede hê’ terwyl ’n swaard aan die keel raak.”
- 11 In daardie tyd sal dit vir hierdie volk en vir Yerushalayim gesê word: “’n Gloeiende wind sal waai vanaf die kaal hoogtes in die wildernis in die rigting van die dogter van My volk; nie om te wan of skoon te maak nie,
- 12 maar ’n sterk wind vanaf daardie plekke sal na My toe kom; nou sal Ek ook oordele teen hulle uitspreek.
- 13 “Let op, hy gaan op soos wolke en sy strydwaens soos ’n warrelwind; sy perde is vinniger as arende. Wee ons, want ons is verwoes!”
- 14 “Was jou verstand, wil en emosie van boosheid, o Yerushalayim sodat jy gered kan word. Hoe lank sal jou bose gedagtes blyplek vind in jou?
- 15 Want ’n stem verkondig boosheid vanuit Dan en vanaf die gebergte van Efrayim.
- 16 Rapporteer dit nou aan die nasies! Verklaar oor Yerushalayim: ‘Beleëders kom uit ’n ver land en lig hulle stem op teen die stede van Y’hudah.
- 17 Soos wagers oor ’n veld, is hulle reg rondom teen haar omdat sy teen My gerebelleer het’,” verklaar יהוה.
- 18 “Jou paaie en jou dade het hierdie dinge na jou toe gebring. Hierdie is jou boosheid; hoe bitter! Hoe het dit nie jou verstand, wil en emosie aangeraak nie!”
- 19 “My lewe, my lewe! Ek is in ang! O, my hart! My hart klop in my, ek kan nie stil wees nie, want jy, my lewe, het die klank van die ramshoring gehoor, die oorlogsalarm!
- 20 Ramp op ramp word uitgeroep, want die hele land is verwoes; skielik is my tente verwoes, my gordyne het afgeval.
- 21 Hoe lank moet ek die banier sien, die geluid van die ramshoring hoor?
- 22 Want My volk is dwaas, hulle ken My nie; hulle is dwase seuns en het geen insig nie. Hulle is slinks om boosheid te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie.”
- 23 Ek het na die aarde gekyk en let op, dit was vormloos en leeg ^{Gen 1:2} en na die hemele en hulle het geen lig gehad nie.
- 24 Ek het na die berge gekyk en let op, hulle het geskud en al die heuwels het heen en weer beweeg.
- 25 Ek het gekyk en let op, daar was geen mens nie en al die voëls van die hemele het gevlug.
- 26 Ek het gekyk en let op, die vrugbare land was ’n wildernis en al sy stede was afgebreek voor יהוה, voor Sy intense woede,
- 27 want so sê יהוה: “Die hele land sal ’n verlatenheid wees, tog sal Ek nie ’n volkome vernietiging uitvoer nie.

- 28 Hieroor sal die aarde treur en die hemele daarbo donker wees omdat Ek gepraat het, Ek het dit ten doel gehad en Ek sal nie My gedagtes verander nie en ook nie daarvan wegdraai nie.”
- 29 Met die geluid van die ruiters en boogskutters vlug elke stad; hulle gaan in die onderbosse in en klim op die rotse; elke stad is verlate en geen mens bly in hulle nie.
- 30 Jy, verlate een, wat gaan jy doen? Al trek jy skarlaken aan, al versier jy jou met goue ornamente, al maak jy jou oë groter met verf; tevergeefs maak jy jouself mooi; jou minnaars verag jou, hulle soek jou lewe,
- 31 want ek het 'n uitroep gehoor soos van 'n vrou wat geboorte gee, 'n benoudheid soos van een wat geboorte gee aan haar eerste kind, die geskree van die dogter van Tziyon, hygend na asem, sy sprei haar hande uit en sê: “Wee my, want ek word flou voor moordenaars.”
- 5** 1 “Swerv heen en weer deur die strate van Yerushalayim en kyk nou en neem kennis en soek op haar oop pleine of julle iemand kan vind, of daar een is wat regverdig oordeel, wat waarheid soek, dan sal Ek haar vrysprek.
- 2 Alhoewel hulle sê: ‘So waar as יהוה leef,’ sweer hulle sekerlik vals.”
- 3 “יהוה”, soek U oë nie na waarheid nie? U het hulle neergeslaan, maar hulle het nie verswak nie; U het hulle verteer, maar hulle het geweier om korreksie te aanvaar. Hulle het hul gesigte harder gemaak as 'n rots; hulle het geweier om berou te hê en om te draai.”
- 4 Toe het ek gesê: “Hulle is slegs die minderes; hulle is dwaas omdat hulle die pad van יהוה, of die instellings van hulle God, nie ken nie.
- 5 Ek sal na die grotes toe gaan en met hulle praat, want hulle ken die pad van יהוה en die instellings van hulle God,” maar ook hulle het almal saam die juk verbreek, die bande stukkend geruk.
- 6 'n Leeu uit die woud sal hulle daarom doodmaak, 'n wolf van die woestyne sal hulle vernietig; 'n luiperd hou hulle stede dop; almal wat uit hulle uitgaan, sal verskeur word, want hulle oortredinge is baie, hulle afvalligheid talryk.
- 7 “Waarom sou Ek jou vergewe? Jou seuns het My verlaat en gesweer by die wat nie god is nie. Toe Ek hulle tot versadigens toe gevoed het, het hulle owerspel gepleeg en opgebondel by die hoer se huis.
- 8 Hulle was vet gevoerde sterk hingste; elkeen runnik agter sy naaste se vrou aan.
- 9 Sou Ek hierdie dinge nie straf nie?” verklaar יהוה; “Op 'n nasie soos hierdie Myself nie wreek nie?
- 10 Gaan op haar mure op en vernietig hulle, maar moet dit nie volkome vernietig nie: spaar haar fondasies, want hulle behoort aan יהוה,
- 11 want die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah het baie verraderlik teen My opgetree,” verklaar יהוה.
- 12 Hulle het aangaande יהוה gelieg en gesê: “Nie Hy nie; ongeluk sal nie oor ons kom nie en ons sal geen swaard of hongersnood sien nie.
- 13 Die profete is soos wind en die boodskap is nie in hulle nie. So sal dit met hulle gedoen word!”

- 14 So sê יהוה, die God van die leërskaar: “Omdat julle hierdie woord gesê het, let op, Ek maak My boodskappe in jou mond ’n vuur en hierdie volk hout en dit sal hulle verteer.” Open 11:5
- 15 Let op, Ek bring ’n nasie teen julle van ver af, o huis van Yisra’el,” verklaar יהוה. “Dit is ’n standvastige nasie, ’n antieke nasie, ’n nasie wie se taal julle nie ken of verstaan wat hulle sê nie.” Deut 28:49,50; Yes 33:19
- 16 Hulle pylkoker is soos ’n geopende graf; hulle is almal magtige manne.
- 17 Hulle sal jou oes en jou kos verteer, hulle sal jou seuns en jou dogters verteer, hulle sal jou kleinvee en jou beeste verteer, hulle sal jou wingerdstok en jou vyeboom verteer, hulle sal jou versterkte stede waarop jy vertrou, met die swaard verwoes.
- 18 Nogtans, selfs in daardie dae,” verklaar יהוה, “sal Ek nie van julle ’n volkome verwoesting maak nie.
- 19 Dit sal gebeur wanneer hulle sê: ‘Waarom het יהוה, ons God, al hierdie dinge aan ons gedoen?’ dat jy hulle sal antwoord: ‘Soos julle My verlaat het en vreemde gode in julle land gedien het, so sal julle vreemdelinge dien in ’n land wat nie julle s’n is nie.’
- 20 Verklaar dit in die huis van Ya’akov en verkondig dit in Y’hudah en sê:
- 21 ‘Hoor nou dit, o dwase en verstandelose volk, wat oë het, maar nie sien nie; wat ore het, maar nie hoor nie!
- 22 Het julle nie respekvolle vrees vir My nie?’” verklaar יהוה. “Bewe julle nie in My Teenwoordigheid nie? Want Ek het die sand gestel as ’n grens vir die see, as ’n ewige wet sodat dit nie daaroor sal gaan nie. Alhoewel die golwe rol, tog kan hulle nie bly staan nie; alhoewel hulle dreun, kan hulle nie daaroor gaan nie,
- 23 maar hierdie volk het ’n hardkoppige en rebelse verstand, wil en emosie; hulle het weggedraai en weggegaan.
- 24 Hulle sê nie in hul verstand, wil en emosie: ‘Laat ons nou יהוה, ons God, respectvol vrees, wat reën gee op sy tyd, vroeë reëns en laat reëns, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou,’ nie.” Deut 11:14
- 25 Julle onregverdighede het hierdie dinge weggedraai en julle sondes het die goeie van julle af teruggehou,
- 26 want bese oortreders word onder My volk gevind; hulle kyk soos voëlvangers wat lê en wag; hulle het ’n val gestel, hulle vang mense.
- 27 Soos ’n hok vol voëls, so is hulle huise vol misleiding; daarom het hulle groot en ryk geword.
- 28 Hulle is vet, hulle is geslepe; hulle blink uit in dade van boosheid. Hulle bepleit nie die saak van die weeskind sodat hulle mag floreer nie en hulle verdedig ook nie die regte van die behoeftiges nie.
- 29 Sou Ek hulle nie straf nie?’” verklaar יהוה. “Sal Ek Myself nie wreek op ’n nasie soos hierdie nie?’”
- 30 ’n Skrikwekkende en verskriklike ding het in die land gebeur:
- 31 die profete profeteer vals en die priesters heers in hulle eie outoriteit en My volk hou daarvan so! Wat sal julle aan die einde daarvan doen?’”

- 6¹ “Vlug na veiligheid, seuns van Binyamin, uit Yerushalayim uit! Blaas nou die ramshoring in T'koa en lig 'n teken op oor Beit-Hakkerem, want boosheid en 'n groot verwoesting kyk af vanuit die Noorde.
- 2 Die aantreklike en fyn een, die dogter van Tziyon, sal ek afsny.
- 3 Herders met hulle troppe sal na haar toe kom; hulle sal tente rondom haar opslaan, hulle sal elkeen op hulle plek wei.
- 4 Berei die oorlog voor teen haar; staan op en laat ons aanval teen die middag! Wee ons, want die dag gaan verby, want die aandskaduwees word langer!
- 5 Staen op en laat ons aanval in die nag en haar paleise verwoes,”
- 6 want so sê יהוה-Tzva'ot: “Kap haar bome af en gooi 'n verskansing op teen Yerushalayim. Hierdie is die stad wat gestraf moet word, waar binne net onderdrukking is.
- 7 Soos 'n put sy water vars hou, so hou sy haar boosheid vars. Geweld en verwoesting word in haar gehoor, siekte en wonde is altyd voor My.
- 8 Wees gewaarsku, o Yerushalayim, of Ek sal van jou vervreemd word en jou 'n verlatenheid maak, 'n onbewoonde land.”
- 9 So sê יהוה-Tzva'ot: “Hulle sal die wat oorbly van Yisra'el skoon af oes soos 'n wingerdstok; gaan weer met jou hand oor die takke soos 'n druiwesnyer!”
- 10 Met wie sal ek praat en hulle waarsku dat hulle kan hoor? Let op, hulle ore is toe en hulle kan nie luister nie. ^{Hand 7:51} Luister, die woord van יהוה het vir hulle 'n berisping geword; hulle het geen behae daarin nie,
- 11 maar ek is vol van die toorn van יהוה; ek is moeg daarvan om dit in te hou. “Giet dit uit oor die seuns op die straat en oor die vergadering van jongmanne, want beide man en vrou sal gevat word, die grysaard en die baie oues.
- 12 Hulle huise sal na ander toe oorgedra word, hulle landerye en vroue saam, want Ek sal My hand uitsteek teen die inwoners van die land,” verklaar יהוה,
- 13 “want vanaf die minste van hulle tot die grootste is hulle almal gulsig na wins en vanaf die profeet tot die priester handel hulle almal vals.
- 14 Hulle het die gebrokenheid van My volk kunsmatig genees en gesê: ‘Vrede, vrede,’ maar daar is geen vrede nie.
- 15 Was hulle skaam vir die gruwel wat hulle gedoen het? Hulle was geensins skaam nie. Hulle het nie eens geweet hoe om te bloos nie; daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek hulle straf, sal hulle neergegooi word,” sê יהוה.
- 16 So sê יהוה: “Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, ^{Mat 11:29} maar hulle het gesê: ‘Ons sal nie daarin loop nie.’
- 17 Ek het ook wagte oor julle aangestel en gesê: ‘Luister na die geluid van die ramshoring!’ Hulle het egter geantwoord: ‘Ons sal nie luister nie.’
- 18 Luister en hoor daarom, o nasies en weet, o vergadering, wat onder hulle is,
- 19 luister en hoor, aarde: ‘Let op, Ek bring 'n ramp oor hierdie volk, die vrug van hulle planne, want hulle het nie na My woorde geluister nie en My wet, dié het hulle ook verwerp.

- 20 Met watter doel kom wierook na My toe uit Sh'va en die soet rottang uit 'n verland? Julle brandoffers is nie aanvaarbaar nie en julle offers stel My nie tevrede nie'."
- 21 יהוה sê daarom: "Let op, Ek lê struikelblokke voor hierdie volk en hulle sal daaroor struikel, vaders en seuns saam; die buurman en sy vriend sal doodgaan."
- 22 So sê יהוה: "Let op, daar kom 'n volk uit die noordelike land en 'n groot nasie sal opgewek word uit die verste dele van die aarde.
- 23 Hulle gryp boog en lans; hulle is wreed en het geen omgee nie; hulle stem dreun soos die see en hulle ry op perde, gewapend soos 'n man vir die oorlog teen jou, o dogter van Tziyon!"
- 24 Ons het die verslag daarvan gehoor; ons hande is slap. Angs het ons aangegryp, pyn soos van 'n vrou wat geboorte gee.
- 25 Moenie in die veld uitgaan nie en moenie op die pad loop nie, want die vyand het 'n swaard; verskrikking is aan elke kant!
- 26 "Dogter van my volk, trek rouklere aan en rol in die as; rou soos oor 'n absoluut enigste kind, 'n bitter rouklag, want skielik sal die verwoester oor ons kom.
- 27 "Ek het jou as keurder en toetsers onder My volk gemaak sodat jy hulle pad kan ken en toets.
- 28 Hulle is almal hardkoppiglik rebels en gaan rond as storievertellers. Hulle is koper en yster; almal van hulle is korrupt.
- 29 Die blaasbalk blaas hard; die lood word verteer deur die vuur; tevergeefs hou hulle aan met die suiwering, maar die bouse word nie afgeskei nie.
- 30 Hulle noem hul: 'Verworpe silwer,' want יהוה het hulle verwerp."

7 1 Die woord wat van יהוה af tot Yirmeyahu gekom het:

- 2 "Staan in die poort van die huis van יהוה en verkondig hierdie boodskap en sê: 'Hoor, luister en doen die boodskap van יהוה, die hele huis van Y'hudah, wat deur hierdie poorte ingaan om יהוה te aanbid!'"
- 3 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Verander julle lewenswyse en julle dade en Ek sal julle in hierdie plek laat bly.
- 4 Moenie vertrou op misleidende woorde wat sê: 'Hierdie is יהוה se tempel, יהוה se tempel, יהוה se tempel,' nie,
- 5 want as julle waarlik jul lewenswyse en julle dade verander, as julle waarlik regverdige oordeel toepas tussen 'n man en sy naaste,
- 6 die vreemdeling, wees en weduwee nie onderdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet of agter ander gode aanloop tot julle eie vernietiging nie,
- 7 dan sal Ek julle laat bly in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, vir ewig en ewig.
- 8 Let op, julle vertrou op misleidende woorde wat nie baat nie.
- 9 Sal julle steel, moor, owerspel pleeg, vals sweer, tot Ba'al offer en agter ander gode aan loop, wat julle nie geken het nie
- 10 en dan kom staan voor My Teenwoordigheid in hierdie huis, wat na My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word en sê: 'Bevry ons?' Tog doen julle al hierdie gruwels.

- 11 Het hierdie huis, wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is, 'n grot van rowers in julle oë geword? ^{Mat 21:13; Mar 11:17} Let op, Ek, Ek het dit gesien,” verklaar יהוה.
- 12 “Gaan egter nou na My plek wat in Shiloh was, waar Ek My Naam (Karakter en Outoriteit) vroeër laat bly het en kyk wat Ek daaraan gedoen het weens die boosheid van My volk Yisra'el.
- 13 Nou, omdat julle al hierdie dinge gedoen het,” verklaar יהוה, “en Ek met julle gepraat het, vroeg opgestaan en gepraat het, maar julle nie gehoor het nie en Ek julle geroep het, maar julle nie geantwoord het nie,
- 14 sal Ek daarom aan die huis wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is, waarin julle vertrou en aan die plek wat Ek aan julle en julle vaders gegee het, doen soos Ek aan Shiloh gedoen het.
- 15 Ek sal julle uit My sig uit weggooi soos Ek al julle broers, die hele geslag van Efrayim, uitgegooi het.
- 16 Wat jou betref, bid nie vir hierdie volk nie en lig geen uitroep of gebed op vir hulle nie en moenie by My intree nie, want Ek hoor jou nie. ^{Yir 11:14; 14:11}
- 17 Sien jy nie wat hulle in die stede van Y'udah en op die strate van Yerushalayim doen nie?
- 18 Die seuns maak hout bymekaar, die vaders steek die vuur aan en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die koningin van die hemel en gooi vir ander gode drankoffers uit om My uit te lok tot woede.
- 19 Dit is nie vir My wat hulle uittart nie,” verklaar יהוה. “Hulle tart hulleself tot hul eie skaamte.”
- 20 יהוה-God sê daarom: “Let op, My woede en My toorn sal uitgestort word op hierdie plek, op mens en dier en op die bome van die veld en op die vrug van die grond en dit sal brand en nie uitgeblus word nie.”
- 21 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: “Voeg julle brandoffers by julle offers en eet vleis,
- 22 want Ek het nie met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit die land van Mitzrayim uitgelei het, gepraat of bevel gegee in verband met brandoffers of offers ^{1 Sh'm 15:22} nie,
- 23 maar dít is wat Ek hulle beveel en gesê het: ‘Gehoorzaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan.’
- 24 Tog het hulle nie gehoorzaam en hulle oor gedraai nie, maar in hulle eie planne en in die hardkoppigheid van hul bouse verstand, wil en emosie geloop en het agteruitgegaan en nie vorentoe nie.
- 25 Sedert die dag dat julle vaders uit die land van Mitzrayim uit gekom het, tot vandag toe, het Ek al My knegte, die profete, na julle toe gestuur, daaglik, vroeg opgestaan en hulle gestuur.
- 26 Tog het hulle nie na My geluister of hulle oor gedraai nie, maar hul nek verhard; hulle het meer boosheid as hul vaders gedoen.
- 27 Jy moet al hierdie woorde vir hulle sê, maar hulle sal nie na jou luister nie en jy moet na hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie.

- 28 Jy moet vir hulle sê: 'Hierdie is die nasie wat nie na die stem van יהוה, hulle God, geluister het of korreksie aanvaar het nie; waarheid het verdwyn en is van hulle mond af afgesny.
- 29 Sny af jou hare, gooi dit weg en neem 'n klaaglied op op die hoofpaaie, want יהוה is kwaad en het die geslag wat verbygaan verwerp,'
- 30 want die seuns van Y'hudah het gedoen wat verkeerd is in My oë," verklaar יהוה. "Hulle het hul verwerplike dinge in die huis, wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is, gesit om dit te verontreinig.
- 31 Hulle het altare by Tofet gebou, wat in die vallei van die seun van (Ben)-Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters in die vuur te verbrand, wat Ek nie beveel het nie en wat nie in My gedagtes opgekom het nie;
- 32 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "dat dit nie langer Tofet of die vallei van Ben-Hinnom genoem word nie, maar Vallei van die Slagting, want hulle sal in Tofet begrawe omdat daar geen ander plek sal wees nie.
- 33 Die lyke van hierdie volk sal dien as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde en niemand sal hulle verskrik nie. ^{Yeg 39:17-22}
- 34 Dan sal Ek die stem van vreugde, die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid laat stil word vanuit die stede van Y'hudah en vanuit die strate van Yerushalayim, want die land sal 'n verlatenheid word."
- 8** 1 "In dié tyd," verklaar יהוה, "sal hulle die bene van die konings van Y'hudah, die bene van sy prinse, die bene van die priesters, die bene van die profete en die bene van die inwoners van Yerushalayim uit hulle grafte uitbring.
- 2 Hulle sal dit uitsprei voor die son, die maan en voor die hele leër van die hemel wat hulle liefgehad en gedien het, waar agter hulle aangeloop het, wat hulle gesoek en wat hulle aanbid het. Hulle sal nie bymekaargemaak of begrawe word nie, hulle sal wees soos mis op die aardoppervlak.
- 3 Die dood sal bo die lewe verkies word ^{Yir 21:8} deur almal wat oorbly van hierdie bose familie, wat in al die plekke, waarheen Ek hulle verdryf het, oorgebly het," verklaar יהוה-Tzva'ot.
- 4 "Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "Val iemand en staan nie weer op nie? Draai een weg en erken nie en draai nie terug nie?
- 5 Waarom dan het hierdie volk, Yerushalayim, weggedraai in voortdurende afvalligheid? Hulle hou vas aan misleiding, hulle weier om terug te keer.
- 6 Ek het geluister en gehoor: hulle praat wat nie reg is nie; geen mens het erken en berou oor sy boosheid en sê: 'Wat het ek gedoen' nie? Elkeen slaan sy koers in, soos 'n perd wat in die geveg in storm.
- 7 Selfs 'n reier in die lug ken haar seisoene en die tortelduif, die swaweltjie en die kraanvoël kom die tyd van hulle migrasie na, maar My volk ken nie die instellings van יהוה nie.
- 8 Hoe kan julle sê: 'Ons is wys en die wet van יהוה is by ons?' Let op, die leuenpen van die skrywers het dit tot 'n leuen gemaak.
- 9 Die wyse manne word beskaamd, is ontsteld en uitgevang. Let op, hulle het die woord van יהוה verwerp en watter soort wysheid sou hulle hê?

- 10 Ek sal daarom hulle vroue aan ander gee, hulle landerye aan nuwe eenaars, want van die kleinste tot die grootste is almal gierig na wins; vanaf die profeet tot die priester praktiseer almal misleiding.
- 11 Hulle genees die gebrokenheid van die dogter van My volk kunsmatig en sê: 'Vrede, vrede,' maar daar is geen vrede nie.
- 12 Was hulle skaam vir die gruwel wat hulle gedoen het? Hulle was geensins skaam nie. Hulle het nie eens geweet hoe om te bloos nie; daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek hulle straf, sal hulle neergegooi word," sê יהוה.
- 13 "Ek sal hulle sekerlik weggryp," verklaar יהוה. "Daar sal geen druiwe aan die wingerdstok wees en geen vye aan die vyeboom nie. Die blare sal verdor en wat Ek vir hulle gegee het, sal verbygaan." ^{Num 3:17}
- 14 Waarom sit ons stil? Kom bymekaar en laat ons in die versterkte stede ingaan en daar vergaan, want יהוה, ons God, het ons verdoem en giftige water vir ons gegee om te drink, want ons het teen יהוה gesondig.
- 15 Ons het gewag op vrede, maar niks goeds het gekom nie; op 'n tyd van genesing, maar let op, verskrikking!
- 16 Vanaf Dan word die gesnork van sy perde gehoor. Met die klank van die gerunnik van sy hingste bewee die hele land, want hulle kom en verteer die land en sy volheid, die stad en sy inwoners.
- 17 "Want let op, Ek stuur slange teen jou, adders waarteen geen beswering is nie en hulle sal julle byt," verklaar יהוה. ^{Num 21:6,7}
- 18 My smart is verby genesing, my verstand, wil en emosie is flou binne-in my.
- 19 Let op, luister! Die uitroep van die dogter van my volk uit 'n ver land: "Is יהוה nie in Tziyon nie? Is haar Koning nie in haar nie?" "Waarom het hulle My getart met hulle gesnede beelde, met vreemde afgode?"
- 20 "Die oes is verby, die somer is ten einde en óns is nie gered nie!"
- 21 Vir die gebrokenheid van die dogter van my volk is ek gebroke; ek rou, ontsteltenis het my aangegryp.
- 22 Is daar geen balsem in Gil'ad nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom is die gesondheid van die dogter van my volk dan nie herstel nie?
- 23 Ag, was my kop maar water en my oog 'n fontein van tranes sodat ek dag en nag mag huil vir die wat neergeslaan is van die dogter van my volk!
- 9** 1 Ag, het ek maar 'n herberg vir reisigers in die woestyn gehad sodat ek my volk kon verlaat en van hulle af kon weggaan, want almal van hulle is owerspelers, 'n vergadering van valse mense.
- 2 "Hulle span hulle tong, soos hulle boog; leuens, nie waarheid nie, hou aan in die land, want hulle gaan voort van boosheid tot boosheid en hulle ken My nie," verklaar יהוה.
- 3 "Laat elkeen op sy hoede wees vir sy naaste en vertrou op geen broer nie, want elke broer handel onderduims en elke naaste gaan as 'n kwaadprater om.
- 4 Elkeen bedrieg sy naaste en praat nie die waarheid nie; hulle het hul tong geleer om leuens te praat; hulle maak hulself moeg met onregverdigheid.

- 5 Jou blyplek is in die middel van misleiding; deur misleiding weier hulle om My te ken,” verklaar יהוה.
- 6 יהוה-Tzva’ot sê daarom: “Let op, Ek suiwer hulle en toets hulle,” ^{Ps 66:10} want wat anders kan Ek doen as gevolg van die dogter van My volk? ^{Yes 1:25}
- 7 Hulle tong is ’n dodelike pyl; dit praat misleiding; met sy mond praat een vrede met sy naaste, maar in sy binneste stel hy vir hom ’n hinderlaag op. ^{Ps 34:14; Ya’a 1:26; 3:5-8}
- 8 Sou Ek hulle nie straf vir hierdie dinge nie?” verklaar יהוה. “Sou Ek Myself nie wreek op ’n nasie soos hierdie een nie?
- 9 Ek sal ’n gehuil en ’n gekla opneem vir die berge en ’n treurlied oor die weivelde van die wildernis, want hulle is verwoes sodat niemand daar deur gaan nie en die gebulk van beeste word nie gehoor nie; beide die voëls van die hemel en die diere het gevlug; hulle is weg.
- 10 Ek sal van Yerushalayim ’n puinhoop maak, ’n lêplek van jakkalse en die stede van Y’hudah ’n verlatenheid, sonder inwoning.”
- 11 Wie is die wyse man wat dit mag verstaan? Wie is hy met wie die mond van יהוה gepraat het dat hy dit kan verkondig? Waarom is die land vernietig, verwoes soos ’n woestyn sodat niemand deur gaan nie?
- 12 יהוה het gesê: “Omdat hulle My wet, wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het en nie My stem gehoorsaam of daarvolgens geloop het nie,
- 13 maar geloop het agter die hardkoppigheid van hulle verstand, wil en emosie en agter die Ba’als aan, soos hulle vaders hulle geleer het,”
- 14 sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “let daarom op, Ek sal hulle, hierdie volk, met wilde-als voed en vir hulle giftige water gee om te drink.
- 15 Ek sal hulle verstrooi onder die nasies wat nie hulle of hul vaders geken het nie en Ek sal die swaard agter hulle aanstuur totdat Ek hulle uitgewis het.”
- 16 So sê יהוה-Tzva’ot: “Oorweeg en roep die klaagvroue sodat hulle kom en stuur na die huilvroue sodat hulle kan kom!
- 17 Laat hulle gou maak en ’n weeklag opneem vir ons sodat ons oë trane kan stort en ons ooglede stroom met water,
- 18 want die geluid van weeklag word uit Tziyon gehoor: ‘Hoe is ons nie verwoes nie! Ons is tot diep skande gemaak, want ons het die land verlaat omdat hulle ons wonings afgebreek het.’”
- 19 Luister en hoor nou die woord van יהוה, o vroue en laat julle ore die woord van Sy mond ontvang; leer julle dogters ’n weeklag en vir mekaar ’n treurlied,
- 20 want die dood het deur ons vensters opgekom, in ons paleise ingekom om die seuns van die straat af uit te roei, die jongmanne van die pleine af.
- 21 Sê: “So sê יהוה: ‘Die lyke van mense sal val soos mis op die oop veld en soos gerwe agter die maaier, maar niemand sal dit bymekaarmaak nie.’”
- 22 So sê יהוה: “Laat ’n wyse man hom nie beroem op sy wysheid nie ^{Rom 1:22} en laat die magtige man hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie, ^{Ps 34:3; 1 Kor 1:31; Open 3:17}
- 23 maar laat hy wat wil roem, hierop roem: dat hy verstaan en My ken, dat Ek יהוה is wat liefdevolle goedheid, regverdige oordeel en onpartydige opregtheid op die aarde uitoefen, want Ek verheug My in dié dinge,” verklaar יהוה. ^{Yo’el 2:13; 2 Kor 10:17}

24 “Let op, die dae kom,” verklaar יְהוָה, “dat Ek almal sal straf wat besny is en tog onbesnede is: Lev 26:41; Deut 10:16; 30:6; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11

25 Mitzrayim, Y'hudah, Edom, die seuns van 'Ammon, Mo'av en almal wat die kante van hul baard in stukke afsny, wat in die woestyn bly, want al hierdie nasies is onbesnede en die hele huis van Yisra'el is onbesnede van verstand, wil en emosie.” Hand 7:51

10 1 Luister na die boodskap wat יְהוָה met julle gepraat het, o huis van Yisra'el!

2 So sê יְהוָה: “Moenie die maniere van die nasies leer nie Deut 12:29-31 en moenie vrees vir die tekens van die hemel nie, alhoewel die nasies daarvoor vrees,

3 want die tradisies van die volke is misleiding, want dit is 'n boom uit 'n woud gekap, die handewerk van 'n ambagsman met snygereedskap.

4 Hulle versier dit met silwer en goud; hulle maak dit vas met spykers en hamers dat dit nie waggel nie.

5 Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommerland is hulle en hulle kan nie praat nie; hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle kan geen skade doen nie en ook geen goed doen nie.”

6 Daar is niemand soos U nie, יְהוָה! U is groot en U Naam (Karakter en Outoriteit) is groot in krag.

7 Wie sou U nie vrees nie, o Koning van die nasies? Inderdaad kom dit U toe, want onder al die wyse manne van die nasies en in al hulle koninkryke is daar niemand soos U nie.

8 Hulle is egter almal, in hul beoefening van misleiding, saam dom en dwaas; hulle afgod is hout!

9 Geslaande silwer word uit Tarshish gebring en goud uit Ufaz, die werk van 'n ambagsman en van die hande van 'n goudsmid; persblou en pers is hulle klere; alles die werk van bekwame manne,

10 maar יְהוָה is die Ware God; Hy is die Lewende God en die Ewige Koning; vir Sy toorn bewe die aarde en die nasies kan nie Sy verontwaardiging verdra nie.

11 So moet julle vir hulle sê: “Die gode wat nie die hemel en die aarde gemaak het nie, sal vergaan van die aarde af en van onder die hemele uit.”

12 Hy het die aarde gemaak deur Sy krag, die wêreld gevestig deur Sy wysheid en die hemel uitgestrek deur Sy insig.

13 As Hy Sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel Ps 29:3- en Hy laat die wolke opstyg van die einde van die aarde af; Hy maak weerlig vir die reën en bring die wind vanuit sy voorraadschure.

14 Elke mens is dom, sonder kennis; elke goudsmid staan beskaamd deur sy afgode, want sy gegote beeld is misleitend en daar is geen asem in hulle nie.

15 Hulle is waardeloos, 'n werk van spottery; in die tyd van hulle straf sal hulle vergaan.

16 Ya'akov se Deel is nie soos hierdie nie, want Hy is die Maker van alles en Yisra'el is die stam van Sy erfenis; יְהוָה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).

17 Tel jou bondel van die grond af op, jy wat onder die beleëring vertoef,

- 18 want so sê יהוה: “Let op, Ek slinger die inwoners van die land in hierdie tyd uit en sal vir hulle benoudheid veroorsaak sodat hulle gevind kan word.”
- 19 Wee my vanweë my besering! My wond is ongeneeslik, maar ek het gesê: “Waarlik, dit is ’n siekte en ek moet dit dra.”
- 20 My tent is vernietig en al my toue is gebreek; my seuns het van my af weggegaan en is nie meer nie. Daar is niemand om weer my tent uit te span en my gordyne op te sit nie,
- 21 want die herders het dom geword en יהוה nie gesoek nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie en hulle hele kudde is verstrooi. ^{Mal 2}
- 22 Let op, die klank van die verslag het gekom en ’n groot geraas uit die land van die Noorde, om die stede van Y’hudah ’n verlatenheid te maak, ’n lêplek van jakkalse.
- 23 Ek weet, o יהוה, dat ’n mens se pad nie in homself is nie en dit is ook nie in ’n man wat loop om sy eie tree te rig nie.
- 24 Dissiplineer my, יהוה, maar met regverdige oordeel; nie in U toorn nie, of U sal my tot niks maak nie. ^{Heb 12:6,11}
- 25 Stort U toorn uit oor die nasies wat U nie ken nie en oor die families wat U Naam (Karakter en Outoriteit) nie aanroep nie, want hulle het Ya’akov verteer en hom opgeëet en sy blyplek verwoes. ^{Yes 66:15; 2 Thes 1:8; Ps 79:6}

- 11** 1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het:
- 2 “Hoor, luister en doen die woorde van hierdie verbond en praat met die manne van Y’hudah en met die inwoners van Yerushalayim
- 3 en sê vir hulle: ‘So sê יהוה, die God van Yisra’el: “Vervloek is die man wat nie na die woorde van hierdie verbond luister en dit nie doen nie.
- 4 Dit wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim, uit die ystersmeltoond, uitgelei en gesê het: ‘Luister na My stem en doen volgens alles wat Ek julle beveel; só sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees,’
- 5 om die eed te bevestig wat Ek tot julle vaders gesweer het om aan hulle ’n land wat oorloop van melk en heuning te gee soos dit vandag is.’” Toe antwoord ek: “Dit is waar, יהוה!”
- 6 יהוה het vir my gesê: “Verkondig al hierdie woorde in die stede van Y’hudah en op die strate van Yerushalayim en sê: ‘Luister en hoor die woorde van hierdie verbond en doen dit,
- 7 want Ek het julle vaders ernstig gewaarsku op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim laat opkom het, selfs tot vandag toe, aanhoudend gewaarsku en gesê: “Luister na My stem!”
- 8 Nogtans het hulle nie gehoorsaam of hulle oor gedraai nie, maar elkeen in die hardkoppigheid van sy bose verstand, wil en emosie geloop; daarom het Ek al die woorde van hierdie verbond oor hulle gebring, wat Ek hulle beveel het om te doen, maar hulle nie gedoen het nie.”
- 9 Toe het יהוה vir my gesê: “’n Sameswering is ontdek onder die manne van Y’hudah en onder die inwoners van Yerushalayim.

- 10 Hulle het teruggedraai na die oortredinge van hulle voorvaders wat geweier het om My woorde te gehoorsaam en hulle het agter ander gode aangeloop om dié te dien; die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah het My verbond verbreek wat Ek met hulle vaders gesluit het.” ^{Yir 3:8}
- 11 יהוה sê daarom: “Let op, Ek bring 'n ramp oor hulle waarvan hulle nie kan ontsnap nie; alhoewel hulle na My sal roep, sal Ek nie na hulle luister nie.
- 12 Dan sal die stede van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim gaan en roep na die gode vir wie hulle wierook gebrand het, maar dié sal hulle sekerlik nie red in die tyd van hulle ramp nie,
- 13 want jou gode is soveel as jou stede, o Y'hudah en soveel as die strate van Yerushalayim is die altare wat julle opgerig het vir die skandelijke ding, altare om wierook te brand tot Ba'al.
- 14 Moet daarom nie vir hierdie volk bid nie en moet ook nie 'n uitroep of gebed vir hulle oplig nie, ^{Yir 7:16; 14:11} want Ek sal nie hoor as hulle My vanweë hulle ramp aanroep nie.
- 15 Watter reg het My geliefde in My huis wanneer sy baie vuil dade gedoen het? Kan die offervleis jou ramp van jou af wegvat sodat jy kan bly wees?”
- 16 יהוה het jou naam (karakter en outoriteit) genoem: “Groen olyfboom, pragtig in vrug en vorm;” met die geluid van 'n groot gedruis het Hy 'n vuur onder dit aangesteek en sy takke is waardeloos.
- 17 יהוה-Tzva'ot, wat jou geplant het, het boosheid teen jou verklaar weens die boosheid van die huis van Yisra'el en van die huis van Y'hudah, wat hulle teen hulleself gedoen het om Hom te tart deur offers aan Ba'al te offer.
- 18 Meer nog, יהוה het dit aan my bekend gemaak en ek het dit geweet; toe het U my hulle dade gewys,
- 19 maar ek was soos 'n mak lam wat hulle lei na die slagting en ek het nie geweet dat hulle teen my planne beraam en gesê het nie: “Laat ons die boom met sy vrugte vernietig en laat ons hom afkap uit die land van die lewendes sodat sy naam nie meer onthou word nie!”
- 20 O יהוה-Tzva'ot, wat regverdiglik oordeel, wat die gevoel en die verstand, wil en emosie toets, laat my U wraak op hulle sien, want aan U het ek my saak oorgegee;
- 21 daarom, so sê יהוה aangaande die manne van 'Anatot, wat jou lewe seek en sê: “Moenie profeteer in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה nie sodat jy nie sal sterf deur ons hand nie.”
- 22 So sê יהוה-Tzva'ot: “Let op, Ek is op die punt om hulle te straf! Die jongmanne sal deur die swaard sterf, hulle seuns en hulle dogters sal deur die hongersnood sterf
- 23 en niemand sal vir hulle oorbly nie, want Ek sal rampe bring oor die manne van 'Anatot in die jaar van hulle straf.”
- 12** ¹ Onpartydig opreg is U, o יהוה, dat ek my saak by U sou bepleit; inderdaad wil ek oor regsake met U praat: waarom is die pad van die bose oortreder voorspoedig? Waarom lewe hulle wat verraad bedryf in gemak?
- ² U het hulle geplant, ook het hulle wortel geskiet; hulle groei, hulle het selfs vrugte gedra. U is naby aan hulle mond, maar ver van hulle gedagtes. ^{Yes 29:13; Mat 7:21; 15:8-9}

- 3 U ken my egter, ^{ו יְהוָה}; U sien my en toets my verstand, wil en emosie teenoor U. Sleep hulle weg soos slagskape en sonder hulle af vir die dag van slagting!
- 4 Hoe lank moet die land treur en die plante van die veld verdor? Vanweë die boosheid van hulle wat daarin bly, word diere en voëls weggeruk omdat hulle sê: “Hy sal ons einde nie sien nie!”
- 5 “As jy met voetgangers loop en hulle maak jou moeg, hoe kan jy dan met perde kompeteer? As jy val in ’n land van vrede, hoe sal jy dan maak in die digte bosse van die Yarden,
- 6 want ook jou broers en die huis van jou vader, ook hulle het verraderlik teen jou opgetree; ook hulle roep hardop agter jou aan. Moet hulle nie glo nie, al sê hulle mooi goed vir jou.
- 7 Ek het My huis verlaat, Ek het My erfenis verwerp; Ek het die geliefde van My lewe in die hand van haar vyande gegee.
- 8 My erfenis het vir My geword soos ’n leeu in die woud; sy het teen My gebrul; daarom het Ek haar begin haat.
- 9 My erfenis het vir My geword soos ’n gespikkelde roofvoël, die roofvoëls reg rondom is teen haar. Gaan, maak al die wilde diere van die veld bymekaar, bring hulle om haar te kom opeet!
- 10 Baie herders het My wingerd verwoes, hulle het My veld vertrap; hulle het My aangename land ’n verlate wildernis gemaak. ^{Mal 2}
- 11 Dit is ’n verlatenheid gemaak; verlate treur dit voor My; die hele land is verlate gemaak omdat daar niemand is wat daarvoor omgee nie.
- 12 Op al die kaal heuwels in die wildernis het vernietigers gekom, want ’n swaard van ^{ו יְהוָה} verteer van die een kant van die land tot die ander; daar is geen vrede vir enige iemand nie.
- 13 Hulle het koring gesaai en dorings gemaai; hulle het hulself uitgeput vir geen wins nie, maar wees beskaamd oor julle oes, vanweë die ernstige woede van ^{ו יְהוָה}.”
- 14 So sê ^{ו יְהוָה}: “Aangaande al My beseerde wat slaan na die erfenis wat Ek vir My volk Yisra’el gegee het: let op, Ek is op die punt om hulle vanuit hul land te ontwortel en sal die huis van Y’udah tussen hulle uit ontwortel.
- 15 Dit sal gebeur nadat Ek hulle ontwortel het, dat Ek weer vir hulle sal omgee en Ek sal hulle terugbring, elkeen na sy erfenis en elkeen na sy land.
- 16 Dan, as hulle regtig die lewenswyses van My volk sal leer, om te sweer by My Naam (Karakter en Outoriteit): ‘So waar as ^{ו יְהוָה} leef,’ soos hulle My volk geleer het om te sweer by Ba’al, sal hulle tussen My volk opgebou word, ^{Yes 19:23-25}
- 17 maar as hulle nie wil luister nie en dit nie doen nie, dan sal Ek dié nasie ontwortel en dit vernietig,” verklaar ^{ו יְהוָה}.
- 13** 1 So het ^{ו יְהוָה} vir my gesê: “Gaan koop vir jou ’n linne gordel en bind dit om jou heupe, maar moet dit nie in water sit nie.”
- 2 Ek het die gordel gekoop volgens die woord van ^{ו יְהוָה} en dit om my heupe gesit.
- 3 Toe het die woord van ^{ו יְהוָה} vir die tweede keer tot my gekom en gesê:
- 4 “Vat die gordel wat jy gekoop het, wat om jou heupe is en staan op, gaan na die Eufraat en steek dit daar weg in ’n klipskeur.”

- 5 Ek het gegaan en dit weggesteek by die Eufraat, soos יהוה my beveel het.
- 6 Ná baie dae het יהוה vir my gesê: “Staan op, gaan na die Eufraat en gaan haal die gordel van daar af wat Ek jou beveel het om daar weg te steek.”
- 7 Toe het ek na die Eufraat gegaan en gegrawe en die gordel gevat van die plek af waar ek dit weggesteek het en let op, die gordel was bederf, dit was totaal waardeloos.
- 8 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 9 “So sê יהוה: ‘Net so sal Ek die trots van Y’hudah en die groot trots van Yerushalayim vernietig.
- 10 Laat hierdie bese volk wat weier om na My woorde te luister, wat loop in die hardkoppigheid van hulle verstand, wil en emosie en agter ander gode aan loop om hulle te dien en voor hulle neer te buig, wees net soos hierdie gordel wat totaal waardeloos is,
- 11 want soos die gordel kleef aan die heupe van ’n man, so het Ek die hele huis van Yisra’el en die hele huis van Y’hudah aan My laat kleef,’ verklaar יהוה, ‘om vir My ’n volk te wees, vir roem, vir lofprijsing en vir lof en eer, maar hulle het nie geluister nie;’
- 12 daarom moet jy hierdie boodskap vir hulle gee: ‘So sê יהוה, die God van Yisra’el: “Elke kan moet vol wyn gemaak word.” Wanneer hulle vir jou sê: ‘Weet ons nie baie goed dat elke kan vol wyn gemaak moet word nie?’
- 13 Dan moet jy vir hulle sê: ‘So sê יהוה: “Let op, Ek is op die punt om al die inwoners van hierdie land te vul met dronkenskap, die konings wat namens Dawid op sy troon sit, die priesters, die profete en al die inwoners van Yerushalayim.
- 14 Ek sal hulle teen mekaar verbrysel, beide die vaders en die seuns saam,” sê יהוה. “Ek sal nie medelye wys of jammer wees of omgee om hulle te vernietig nie.””
- 15 Luister en gee aandag; moenie hooghartig wees nie, want יהוה het gepraat!
- 16 Gee eer, lof en aanbidding aan יהוה, julle God, voordat dit donker word en voordat julle voete struikel op die skemerige berge en terwyl julle wag op lig, maak Hy dit tot diep duisternis en verander dit na die skaduwee van die dood,
- 17 maar as julle nie daarna wil luister nie, sal ekself in die geheim huil vir sulke hoogmoed en my oë sal bitterlik huil en afloop in tranes omdat die kudde van יהוה gevange geneem is.
- 18 Sê aan die koning en die koninginmoeder: “Verneder julleself en erken en draai weg, want die kroon van julle lof en eer het van jul kop af afgeval.” ^{2 Kon 24:12}
- 19 Die stede van die Suidland is toegesluit en daar is niemand om dit oop te maak nie; die hele Y’hudah is in ballingskap weggevoer, heeltemal in ballingskap weggevoer!
- 20 Lig op jou oë en sien hulle wat uit die noorde kom. Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige skape?
- 21 Wat sal jy sê wanneer Hy vroeëre metgeselle wat jy self geleer het, as hoofde oor jou aanstel? Sal steekpyne jou nie aangryp soos van ’n vrou in kraam nie?
- 22 As jy in jou binneste sê: “Waarom het hierdie dinge met my gebeur?” Weens die grootheid van jou oortredinge is jou rompe opgetel en jou hakskeene ontbloot.
- 23 Kan ’n Kushiet sy vel verander of ’n luiperd sy kolle, dan kan julle ook goed doen, julle wat gewoond is om boosheid te doen.

- 24 Ek sal hulle daarom soos drywende strooi voor die woestynwind verstrooi.
- 25 Dit is jou lot, die deel wat Ek vir jou afgemeet het,” verklaar יהוה, “omdat jy My vergeet en op valsheid vertrou het.
- 26 So sal Ek ook jou rompe oplig oor jou gesig sodat jou skande ontbloot en gesien kan word.
- 27 Ek het jou owerspel en jou wellus, die boosheid van jou prostitusie en jou verwerplikhede op die heuwels in die wildernis gesien. Wee jou, Yerushalayim, want jy is onwillig om gereinig te word! Hoe lank voordat jy sal erken en berou hê?”
- 14** 1 Dit wat na Yirmeyahu gekom het as die boodskap van יהוה aangaande die groot droogte.
- 2 “Y’hudah treur en haar poorte verval; hulle sit op die grond in rou en die uitroep van Yerushalayim gaan op.
- 3 Hulle vernames het hulle bediendes gestuur vir water; hulle het by die bakke gekom en geen water gekry nie. Hulle het teruggekom met hulle houers leeg; hulle is beskaamd en verneder en hulle bedek hulle koppe.
- 4 Omdat die grond gebars is, want daar was geen reën op die land nie, kom die landbouers tot skande, hulle bedek hulle koppe,
- 5 want selfs die wildsbokkooi in die veld het geboorte gegee, net om haar lam te verwerp omdat daar geen gras is nie.
- 6 Die wilde-donkies staan op die kaal heuwels, hulle snuif die lug op soos jakkalse; hulle oë faal omdat daar geen gras is nie.
- 7 Alhoewel ons oortredinge teen ons getuig, יהוה, tree op ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil! Waarlik, ons afdwalings was baie, ons het teen U gesondig.
- 8 O, Verwagting van Yisra’el, sy Verlosser in tyd van benoudheid! Waarom is U soos ’n vreemdeling in die land of soos ’n reisiger wat sy tent vir die nag opgeslaan het?
- 9 Waarom is U soos ’n man wat verslae is, soos ’n magtige man wat nie kan red nie? Tog is U in ons midde, יהוה, en ons word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem. Moet ons nie verlaat nie!”
- 10 So sê יהוה vir hierdie volk: “Selfs al het hulle daarvan gehou om te swerwe, het hulle nie hul voete in toom gehou nie; daarom aanvaar יהוה hulle nie. Nou sal Hy hulle onregverdigheid onthou en hulle sondes oproep tot verantwoording.”
- 11 יהוה het vir my gesê: “Moenie bid vir die welstand van hierdie volk nie.” ^{Yir 7:16; 11:14}
- 12 As hulle vas, gaan Ek nie na hulle uitroep luister nie en as hulle brandoffers en graanoffers bring, gaan Ek hulle nie aanvaar nie. Ek gaan eerder ’n einde aan hulle maak deur die swaard, hongersnood en pes.”
- 13 Ek het egter gesê: “Ag, Meester, יהוה, kyk, die profete sê vir hulle: ‘Julle sal geen swaard sien en geen hongersnood hê nie, maar Ek sal vir julle ’n standhoudende vrede gee in hierdie plek.’”

- 14 Toe het יהוה vir my gesê: “Die profete profeteer valsheid in My Naam (Karakter en Outoriteit). Ek het hulle nie gestuur, of hulle beveel of met hulle gepraat nie; hulle profeteer vir julle ’n vals visioen, waarsêery, nuttelosheid en die misleiding van hulle eie gedagtes.” ^{Yeg 13}
- 15 יהוה sê daarom: “Aangaande die profete wat profeteer in My Naam (Karakter en Outoriteit), alhoewel dit nie Ek is wat hulle gestuur het nie; tog hou hulle aan sê: ‘Daar sal geen swaard of hongersnood in hierdie land wees nie.’ Daardie profete sal deur swaard en hongersnood hulle einde tegemoet gaan!
- 16 Ook die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Yerushalayim uitgegooi word vanweë die hongersnood en die swaard en daar sal niemand wees om hulle te begrawe nie; nie hulle, of hulle vrouens, of hulle seuns, of hulle dogters nie, want Ek sal hulle eie boosheid oor hulle uitstort.
- 17 Jy moet hierdie woord vir hulle sê: ‘Laat My oë afloop in trane nag en dag en nie ophou nie, want die maagdelike dogter van My volk is gebreek met ’n magtige hou, met ’n ernstig geïnfekteerde wond.
- 18 As Ek uitgaan in die platteland, let op, die wat neergeslaan is met die swaard; of as Ek in die stad ingaan, let op, siektes van hongersnood, want beide profeet en priester het in die land rondvertel wat hulle nie weet nie.’”
- 19 Het U Y’hudah heeltemal verwerp? Of het U Tziyon verafsku? Waarom het U ons geslaan sodat ons verby genesing is? Ons het gewag op vrede, maar niks goeds het gekom nie en op ’n tyd van genesing, maar let op, verskrikking!
- 20 יהוה, ons ken ons boosheid, die onregverdigheid van ons vaders, want ons het teen U gesondig.
- 21 Moet ons nie, ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit), verag nie; moenie die troon van U lof, eer en waarde onteer nie; onthou en moenie U verbond met ons kanselleer nie.
- 22 Is daar enige onder die afgode van die nasies wat reën kan maak? Of kan die hemel reënbuie toestaan? Is dit nie U nie, יהוה, ons God? Ons verwagting is daarom van U, want U is die Een wat al hierdie dinge doen.
- 15** 1 Toe het יהוה vir my gesê: “Selfs al sou Mosheh en Sh’mu’el voor My staan, sal Ekself nie by hierdie volk wees nie; stuur hulle weg van My Teenwoordigheid af en laat hulle weggaan!
- 2 Dit sal wees dat as hulle vir jou vra: “Waar moet ons heengaan?” dan moet jy vir hulle sê: ‘So sê יהוה: “Wie vir die dood bestem is, na die dood en wie vir die swaard, na die swaard en wie vir die hongersnood, na die hongersnood en wie vir die gevangenskap, na die gevangenskap.”’” ^{Yir 43:11; Open 13:10}
- 3 Ek sal vier soorte oor hulle aanstel,” verklaar יהוה: “die swaard om dood te maak, die honde om weg te sleep, die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde om op te eet en te vernietig.
- 4 Ek sal van hulle ’n voorwerp van verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde as gevolg van M’nasheh, die seun van Hizkiyahu, die koning van Y’hudah, vir wat hy in Yerushalayim gedoen het.” ^{Deut 28:25; 2 Kon 21; 2 Kro 33}

- 5 Inderdaad, wie sal vir jou jammer kry, o Yerushalayim? Of wie sal oor jou treur? Of wie sal uitdraai om na jou welstand te vra?
- 6 Jy wat My verwerp het,” verklaar יהוה, “jy hou aan agteruitgaan; daarom sal Ek My hand teen jou uitstrek en jou vernietig; ^{2 Tim 3:9} Ek is moeg om toe te gee!
- 7 Ek sal hulle uitwan met ’n hooivurk in die stede van die land. Ek het hulle van kinders ontnem. Ek het My volk vernietig, tog het hulle nie berou gehad en omgedraai van hulle lewenswyses nie.
- 8 Hulle weduwees sal meer voor My wees as die sand van die see; Ek sal ’n verwoester op die middag teen hulle bring, teen die moeder van ’n jongman; Ek sal angs en ontsteltenis skielik oor haar laat kom.
- 9 Sy wat geboorte gegee het aan sewe, kwyn weg; haar asemhaling is met moeite; haar son het ondergegaan terwyl dit nog dag was; sy is beskaamd en verneder. Ek sal hulle oorlewendes aan die swaard oorgee voor hulle vyande,” verklaar יהוה.
- 10 Wee my, my moeder, dat u aan my geboorte gegee het as ’n man van twis en ’n man van stryd vir die hele land! Ek het nie uitgeleen nie en hulle het nie aan my geleen nie; tog vervloek almal my.
- 11 יהוה het gesê: “Sekerlik sal Ek jou bevry vir die goeie; sekerlik sal Ek maak dat die vyand jou sal smeeke in ’n tyd van rampe en ’n tyd van benoudheid.
- 12 Kan enige iemand yster breek, yster uit die noorde, of koper?
- 13 Jou rykdom, jou skatte en al jou grense sal Ek as buit gee as gevolg van jou sondes.
- 14 Dan sal Ek dat jou vyande dit bring in ’n land wat jy nie ken nie, want ’n vuur is aangesteek in My toorn, dit sal oor julle brand.”
- 15 U wat weet, o יהוה, onthou my, neem kennis van my en neem wraak namens my op my vervolgers. In U geduld, moet my nie wegvat nie. Weet dat ek beskuldigings om U ontwil verdra.
- 16 U woorde is gevind en ek het hulle opgeëet en U woorde het vir my ’n vreugde en ’n blydschap vir my verstand, wil en emosie geword, want ek word volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem, o יהוה -Tzva’ot! ^{Open 10:9}
- 17 Ek het nie gesit in die sirkel van pretmakers of was uitgelate nie; ^{Ps 1:1} as gevolg van U hand op my het ek alleen gesit, want U het my met verontwaardiging gevul.
- 18 Waarom is my pyn ewigdurend en my wond ongeneeslik, weierend om genees te word? Sou U waarlik vir my wees soos ’n bedrieglike stroom, met waters wat onbetroubaar is?
- 19 יהוה sê daarom: “As jy terugdraai, dan sal Ek jou herstel, voor My sal jy staan en as jy die kosbare uit die waardelose onttrek, sal jy My woordvoerder word. Hulle mag na jou toe draai, maar jy moenie na hulle toe draai nie.
- 20 Dan sal Ek jou ’n versterkte muur van koper maak vir hierdie mense en alhoewel hulle teen jou sal veg, sal hulle nie oorwin nie, want Ek is by jou om jou te red en om jou te bevry,” verklaar יהוה.
- 21 “So sal Ek jou bevry uit die hand van die bose en jou loskoop uit die houvas van die gewelddadige.”

- 16** 1 Die woord van יהוה het ook tot my gekom en gesê:
- 2 “Jy mag vir jou geen vrou vat en jy mag ook geen seuns of dogters in hierdie plek hê nie,”
- 3 want so sê יהוה van die seuns en die dogters wat in hierdie plek gebore word en van hulle moeders wat geboorte aan hulle gee en van hulle vaders wat hulle verwek in hierdie land:
- 4 “Hulle sal aan dodelike siektes sterf, hulle sal nie beklaag of begrawe word nie; hulle sal wees soos mis op die oppervlakte van die grond en tot ’n einde kom deur swaard en hongersnood en hulle lyke sal kos word vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde,”
- 5 want so sê יהוה: “Moenie ’n huis van rou ingaan of gaan om te rouklaag of hulle te troos nie, want Ek het My vrede, liefdevolle goedheid en omgee van hierdie volk af onttrek,” verklaar יהוה.
- 6 Beide groot sowel as klein sal sterf in hierdie land; hulle sal nie begrawe word nie en niemand sal hulle beklaag en homself stukkend kerwe of sy kop kaal skeer om hulle ontwil nie.
- 7 Mense sal nie brood breek in rou vir hulle om iemand te troos oor ’n dooie, of aan hulle ’n beker van troos gee om te drink oor iemand se vader of moeder nie.
- 8 Verder mag jy ook nie in ’n huis van feesviering ingaan om saam met hulle te sit en te eet en te drink nie,
- 9 want so sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Let op, Ek gaan, voor julle oë en in julle dae, die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid uitroei uit hierdie plek uit.
- 10 Wanneer jy al hierdie woorde aan hierdie volk vertel, sal hulle jou vra: ‘Waarom het יהוה al hierdie groot rampe teen ons verklaar? Wat is ons oortredinge of ons sonde wat ons teen יהוה, ons God, begaan het?’
- 11 Dan moet jy vir hulle sê: ‘Omdat julle vaders My verlaat het,’ verklaar יהוה, ‘en ander gode gevolg en hulle gedien en neergebuig het voor hulle, maar My het hulle verlaat en nie My wet gehou nie.
- 12 Julle het ook boosheid gedoen, selfs erger as julle vaders, want let op, julle leef elkeen volgens die hardkoppigheid van sy eie bouse verstand, wil en emosie, sonder om na My te luister.
- 13 Ek sal julle uit hierdie land uit slinger na ’n land wat julle nie geken het nie, nie julle of julle vaders nie; daar sal julle dag en nag ander gode dien omdat Ek julle geen guns sal bewys nie;’ ^{Deut 28:64}
- 14 daarom, let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer dit nie meer gesê sal word: ‘So waar as יהוה leef, wat die seuns van Yisra’el uit Mitzrayim gebring het nie;’
- 15 maar: ‘So waar as יהוה leef, wat die seuns van Yisra’el gebring het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen Hy hulle verban het,’ want Ek sal hulle herstel na hulle eie land wat Ek vir hulle vaders gegee het.
- 16 Let op, Ek sal stuur vir baie vissers,” verklaar יהוה, “en hulle sal hulle van die eilande af vang; daarna sal Ek stuur vir baie jagters wat hulle sal jag vanaf elke berg en van elke heuwel en uit die rotsskeure,

- 17 want My oë is op al hulle lewenswyses; dit is nie vir My weggesteek nie en hulle onregverdigheid is ook nie vir My oë verborge nie.
- 18 Ek sal eers hulle oortredinge en hulle sonde dubbeld vergeld omdat hulle My land besoedel het; My erfenis gevul het met die lyke van hulle verfoeilike afgode en met hulle verwerplikhede.”
- 19 O יהוה, my Sterkte en my Vesting, my Toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal die volke van die eindes van die aarde af kom en sê: “Ons vaders het niks geërf, behalwe valsheid, nuttelosheid en dinge sonder voordeel nie.”
- 20 Let op, mense maak gode vir hulleself, wat geen gode is nie. ^{1 Kor 8:4}
- 21 “Let daarom op, Ek gaan hulle laat weet; hierdie keer gaan Ek dat hulle My krag en mag ken en hulle sal weet dat My Naam (Karakter en Outoriteit) יהוה is.”
- 17** ¹ Die sonde van Y’hudah is geskrywe met ’n ystergriffel, met ’n diamantpunt is dit ingegraveer op die tafel van hulle verstand, wil en emosie en op die horings van hulle altare.
- 2 Soos hulle hul kinders onthou, so onthou hulle hul altare en Asherim by die groen bome, op die hoë heuwels. ^{Deut 16:21}
- 3 “Ek sal jou rykdom, al jou skatte en alles wat tussen jou grense is as buit oorgee as gevolg van jou sonde.
- 4 Ek sal jou die erfenis laat verloor wat Ek vir jou gegee het en Ek sal maak dat jy jou vyande dien in die land wat jy nie ken nie, want julle het ’n vuur aangesteek in My woede, wat tot in ewigheid sal brand.”
- 5 So sê יהוה: “Vervloek is die man wat op die mensdom vertrou en vlees sy krag maak en wie se verstand, wil en emosie wegdraai van יהוה af. ^{Ps 118:8,9}
- 6 Hy sal wees soos ’n plant in die woestyn en sal nie sien as voorspoed kom nie, maar sal in klipperige plekke in die wildernis bly, ’n soutland sonder inwoners.
- 7 Geseënd is die man wat in יהוה vertrou en wie se vertroude יהוה is, ^{Ps 1:3}
- 8 want hy sal wees soos ’n boom wat by die water geplant is, wat sy wortels uitsteek by ’n stroom en nie sal vrees as die hitte kom nie, maar sy blad sal groen wees en hy sal nie angstig wees in ’n jaar van droogte nie en nie ophou om vrugte te dra nie. ^{Yeg 47:12}
- 9 Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan?
- 10 Ek, יהוה, deursoek die verstand, wil en emosie, Ek toets die gedagtes, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse, volgens die vrug van sy dade. ^{Ps 139:23}
- 11 Soos ’n patrys wat uitroep na die eiers wat sy nie uitgebroei het nie, so is hy wat ’n fortuin maak, maar onregverdig; in die middel van sy dae sal dit hom verlaat en aan die einde sal hy ’n dwaas wees.”
- 12 ’n Troon van eer, lof en aanbidding, verhewe van die begin af, is die plek van ons afgesonderdheid.
- 13 O יהוה, die Verwagting van Yisra’el! Almal wat U verlaat, sal beskaam word; wie op die aarde wegdraai sal opgeskryf word omdat hulle יהוה, die Fontein van lewende water, verlaat het. ^{Yog 4:10}
- 14 Maak my gesond, יהוה en ek sal gesond wees; red my, dan sal ek gered wees, want U is my Lofprysing.

- 15 Let op, hulle sê vir my: “Waar is die boodskap van יהוה? Laat dit nou kom!”
- 16 Wat my betref, ek het U nie aangepor om boosheid te bring nie en ek het ook nie enige man se ongelukkige dag begeer nie; U weet self dat dit wat uit my lippe uitgegaan het, in U Teenwoordigheid was.
- 17 Moenie 'n verskrikking vir my wees nie; U is my Toevlug in die dag van rampe.
- 18 Laat die wat my vervolg beskaamd staan, maar laat my nie beskaamd word nie; laat hulle ontsteld wees, maar laat my nie ontsteld wees nie. Bring oor hulle 'n dag van rampe en verguis hulle met 'n dubbele verwoesting.
- 19 So het יהוה vir my gesê: “Gaan staan in die publieke poort, waardeur die konings van Y'hudah in- en uitgaan, sowel as in al die poorte van Yerushalayim
- 20 en sê vir hulle: ‘Luister na die woord van יהוה’, konings van Y'hudah, die hele Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim wat deur hierdie poorte ingaan:
- 21 so sê יהוה: “Neem kennis vir julle eie onthalwe en dra geen vrag op die Shabbat nie en bring ook niks deur die poorte van Yerushalayim nie.” ^{Neg 13:15-22}
- 22 Julle mag ook geen vrag uit julle huise uitbring op die Shabbat of enige werk doen nie, maar hou die Shabbatdag afgesonderd, soos Ek julle vaders beveel het.”
- 23 Tog het hulle nie geluister nie en hulle oor nie gedraai nie, maar hul nekke styf gemaak om nie te luister of dissipline te aanvaar nie.
- 24 “Dit sal egter gebeur, as julle aandagtig na My luister,” verklaar יהוה, “om geen vrag deur die poorte van hierdie stad op die Shabbat in te bring nie, maar die Shabbatdag af te sonder deur géén werk daarop te doen nie,
- 25 dat konings en vorste deur die poorte van hierdie stad sal ingaan wat op die troon van Dawid sit, wat op strydwaens en op perde ry, hulle en hulle prinse, die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim en hierdie stad sal vir ewig bewoon word.
- 26 Hulle sal inkom vanuit die stede van Y'hudah en uit die omstreke van Yerushalayim, uit die land van Binyamin, uit die Laagland, uit die heuwelagtige land en uit die Suidland en hulle sal brandoffers, offers, graanoffers, wierook en dankoffers bring na die huis van יהוה,
- 27 maar as julle nie na My luister om die Shabbatdag af te sonder deur geen vrag te dra en deur die poorte van Yerushalayim in te kom op die Shabbatdag nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek en dit sal die paleise van Yerushalayim verteer en nie uitgeblus word nie.” ^{2 Kon 25:9; Neg 10:31; 13:15-22}

18 1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het:

- 2 “Staan op en gaan af na die huis van die pottebakker en daar sal Ek My woorde vir jou aankondig.”
- 3 Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker en daar was hy besig om iets op die wiel te maak,
- 4 maar die houer wat hy besig was om van klei te maak, het misluk in die hand van die pottebakker; hy het die klei weer gemeng en 'n ander houer gemaak, soos wat die pottebakker goed gedink het om te maak.
- 5 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

- 6 “Kan Ek nie soos hierdie pottebakker met julle maak nie, o huis van Yisra’el?” verklaar יְהוָה. “Let op, soos die klei in die hand van die pottebakker, so is julle in My hand, o huis van Yisra’el!
- 7 As ek skielik sou praat van ’n nasie of ’n koninkryk om dit te ontwortel, af te breek of te vernietig;
- 8 as dié nasie waarteen Ek gepraat het, wegdraai van hulle boosheid af, sal Ek die boosheid wat Ek teen hulle beplan het, wegdraai;
- 9 of in ’n ander oomblik sal Ek praat oor ’n nasie of oor ’n koninkryk om dit op te bou of te plant;
- 10 as dit doen wat verkeerd is in My oë deur nie My stem te gehoorsaam nie, dan sal Ek van gedagte verander oor die goeie waarmee Ek belowe het om dit te sien.
- 11 Nou dan, praat met die manne van Y’udah en teen die inwoners van Yerushalayim en sê: ‘So sê יְהוָה: “Let op, Ek beplan rampe teen julle en werk ’n plan uit teen julle. O, draai terug, elkeen van julle van sy bese pad en hervorm julle lewenswyse en julle dade.”’
- 12 Hulle het egter gesê: ‘Ons sal sterk word en volgens ons eie planne optree en elkeen van ons sal volgens die hardkoppigheid van sy bese verstand, wil en emosie optree.’
- 13 יְהוָה sê daarom: ‘Vra nou onder die volke, wie het al ooit so iets gehoor? Die maagd van Yisra’el het ’n mees afskuwelike ding gedoen.
- 14 Verdwyn die groen gras van die berg af of verlaat die sneeu L’vanon? Hou die koue water wat uitborrel en afstroom, op met vloei?
- 15 Tog het My volk My vergeet, hulle brand wierook vir die waardelose gode en hulle het gestruikeld in hulle lewenswyses, afgedwaal van die antieke lewenswyses, om te loop op paaie waarop nie geloop is nie,
- 16 om hulle land ’n verlatenheid te maak, ’n voorwerp van ewige bespotting; elkeen wat daar verbygaan, sal verstom wees en sy kop skud.
- 17 Soos ’n oostewind sal Ek hulle verstrooi voor die vyand; Ek sal in die dag van hulle katastrofe vir hulle My rug en nie My gesig wys nie.”
- 18 Toe het hulle gesê: “Kom, laat ons planne maak teen Yirmeyahu, die wet sal sekerlik nie verlore wees vir die priester, of raad by die wyse, of ’n woord vir die profeet nie! Kom, laat ons na hom slaan met die tong en laat ons nie luister na enige van sy woorde nie.”
- 19 יְהוָה, luister na my en luister na wat my opponente sê!
- 20 Sal goed met kwaad vergeld word, want hulle het vir my ’n gat gegrawe. Onthou hoe ek voor U Teenwoordigheid gestaan het om goed namens hulle te praat, om so U toorn van hulle af weg te draai;
- 21 daarom, gee hulle kinders oor aan hongersnood en lewer hulle oor aan die mag van die swaard en laat hulle vroue kinderloos en weduwees word. Laat hulle manne ook neergeslaan word tot die dood, hulle jongmanne plat geslaan word in die geveg deur die swaard.
- 22 Laat ’n uitroep gehoor word uit hulle huise, wanneer U skielik ’n bende oor hulle bring, want hulle het ’n gat gegrawe om my te vang en strikke weggesteek vir my voete.

23 Tog, U, יְהוָה, ken al hulle dodelike ontwerpe teen my; moenie hulle oortredinge vergewe of hulle sonde voor U uitvee nie, maar mag hulle tot 'n val kom voor U Teenwoordigheid; tree teen hulle op in die tyd van U woede!

19 ¹ So sê יְהוָה: “Gaan koop vir jou 'n pottebakker se kleikruik en vat sommige van die oudstes van die volk en sommige van die senior priesters.

2 Gaan dan uit na die vallei van Ben-Hinnom, wat by die ingang van die Potskerwepoort lê en verkondig daar die woorde wat Ek jou gee

3 en sê: “Hoor die woord van יְהוָה, o konings van Y'hudah en inwoners van Yerushalayim! So sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: “Let op, Ek is op die punt om 'n katastrofe oor hierdie plek te bring sodat elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit.

4 Omdat hulle My verlaat het en hierdie 'n vreemde plek gemaak het en daarin offers gebrand het vir ander gode, wat nie hulle of hulle vaders of die konings van Y'hudah geken het nie en omdat hulle hierdie plek gevul het met die bloed van die onskuldiges

5 en die hoë plekke vir Ba'al gebou het om hulle seuns in die vuur te verbrand as brandoffers aan Ba'al; iets wat Ek nooit beveel of van gepraat het nie, of wat nooit in My gedagtes opgekom het nie; ^{Deut 18:10}

6 daarom, let op, daar kom dae,” verklaar יְהוָה, “wanneer hierdie plek nie langer Tofet of die vallei van Ben-Hinnom genoem sal word nie, maar eerder die Vallei van Slagting. ^{2 Kon 23:10; Yir 7:31-32}

7 Ek sal die raad van Y'hudah en Yerushalayim in hierdie plek uitskud en Ek sal dat hulle voor hul vyande val deur die swaard en deur die hand van die wat hulle lewe soek en Ek sal hulle lyke oorgee as kos vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde.

8 Ek sal hierdie stad 'n verlatenheid maak en 'n voorwerp van bespotting; elkeen wat daar verbygaan, sal verstom wees en spot as gevolg van al sy rampe.

9 Ek sal dat hulle die vlees van hul seuns en die vlees van hul dogters eet en hulle sal mekaar se vlees eet in die beleëring en in die benoudheid waarmee hulle vyande en die wat hulle lewe soek, hulle benoud sal maak.”

10 “Dan moet jy die kruik breek voor die oë van die manne wat saam met jou gegaan het

11 en vir hulle sê: ‘So sê יְהוָה-Tzva'ot: “Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad verbreek, soos 'n mens 'n pottebakker se houder breek, wat nie meer heelgemaak kan word nie en hulle sal in Tofet begrawe omdat daar geen ander plek sal wees om te begrawe nie.

12 Dit is hoe Ek hierdie plek en sy inwoners sal behandel,” verklaar יְהוָה, “om hierdie stad soos Tofet te maak.

13 Die huise van Yerushalayim en die huise van die konings van Y'hudah sal onteer word soos die plek Tofet, as gevolg van al die huise op wie se dakke hulle offers gebrand het aan al die hemelse leërmagte ^{Hand 7:42} en drankoffers uitgegiet het vir ander gode.” ^{2 Kon 23:12}

14 Toe het Yirmeyahu uit Tofet gekom, waarheen יְהוָה hom gestuur het om te profeteer en hy het gaan staan in die buitehof van die huis van יְהוָה en vir die mense gesê:

15 “So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: ‘Let op, Ek is op die punt om die hele katastrofe wat Ek teen hom verklaar het oor hierdie stad en al sy stede te bring omdat hulle hul nek styf gemaak het om sodoende nie My woorde te gehoorsaam nie.’”

20 1 Pash’gur, die priester, die seun van Immer, wat hoof amptenaar was in die huis van יהוה, het vir Yirmeyahu hierdie dinge hoor profeteer.

2 Pash’gur het Yirmeyahu, die profeet, laat slaan en hom in die blok gesit by die boonste Binyaminpoort, wat by die huis van יהוה was.

3 Die volgende dag, toe Pash’gur Yirmeyahu bevry het uit die blok uit, het Yirmeyahu vir hom gesê: “Pash’gur is nie die naam wat יהוה jou genoem het nie, maar Magor-Missaviv (verskrikking aan elke kant),

4 want so sê יהוה: ‘Let op, Ek gaan jou ’n verskrikking maak vir jouself en vir al jou vriende en terwyl jy kyk, sal hulle deur die swaard van hul vyande val. So sal Ek die hele Y’hudah oorgee in die hand van die koning van Bavel en hy sal hulle wegdra as ballinge na Bavel en hulle met die swaard doodmaak.

5 Ek sal ook al die rykdom van hierdie stad en al sy produkte en al sy kosbare dinge oorgee; selfs al die skatte van die konings van Y’hudah sal Ek oorgee in die hand van hulle vyande en hulle sal dit plunder, hulle wegvat en na Bavel bring ^{2 Kon 20:17}

6 en jy, Pash’gur en almal wat in jou huis bly, sal in ballingskap gaan en jy sal Bavel binnegaan en daar sterf en daar begrawe word, jy en al jou vriende vir wie jy valslik geprofeteer het.”

7 O יהוה, ek het U misverstaan en ek is mislei; U was te sterk vir my en het oorwin. Ek het ’n voorwerp van bespotting geword die hele dag lank; almal spot met my,

8 want elke keer as ek praat, roep ek dit hard uit; ek verkondig geweld en vernietiging, want die boodskap van יהוה het verwyt en bespotting vir my tot gevolg gehad die hele dag lank.

9 As ek egter sê: “Ek sal Hom nie onthou of meer in Sy Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie,” dan word dit soos ’n brandende vuur in my verstand, wil en emosie wat in my gebeente opgesluit is en ek is moeg daarvan om uit te hou en ek kan nie meer nie,

10 want ek het baie se bose voornemens gehoor wat van elke kant af bymekaargekom het en met hulle mond na my welsyn verneem het, maar my gehaat het in hulle verstand, wil en emosie en gesê het: “Wys hom uit vir ons, ons sal teen hom staan, miskien sal hy mislei word sodat ons ons wraak op hom kan neem.”

11 יהוה is egter by my soos ’n gevreesde Kampioen; daarom sal my vervolgers struikel en nie oorwin nie; hulle sal uiters beskaamd staan omdat hulle gefaal het, met ’n ewige skande wat nie vergeet sal word nie.

12 Tog, O יהוה-Tzva’ot, U wat die regverdige toets, wat die gedagtes en die verstand, wil en emosie sien; laat my U wraak sien op hulle, want aan U het ek my regsak voorgelê.

13 Sing vir יהוה, lofprys יהוה, want Hy het die lewe van die behoeftige uit die hand van die boosdoeners bevry.

14 Vervloek is die dag waarop ek gebore is; laat die dag waarop my moeder geboorte aan my gegee het, nie geseënd wees nie.

- 15 Vervloek is die man wat vir my vader die nuus gebring en gesê het: “’n Baba seun is vir jou gebore” en hom baie gelukkig gemaak het,
 16 maar laat dié man wees soos die stede wat יהודה omgekeer het sonder berou en laat hom ’n uitroep in die oggend hoor en ’n alarm se geskree op die middag
 17 omdat hy my nie voor geboorte doodgemaak het nie sodat my moeder my graf sou word en haar baarmoeder ewig swanger.
 18 Waarom het ek ooit uit die baarmoeder uitgekom om na moeilikheid en smart te kyk sodat my dae in skande deurgebring is?

- 21** 1 Die woord wat vanaf יהודה tot Yirmeyahu gekom het toe koning Tzidkiyahu vir Pash'gur, die seun van Malkiyah en Tz'fanyah, die priester, die seun van Ma'aseiyah, na hom toe gestuur het met die woorde: ^{Yir 37:3}
 2 “Raadpleeg יהודה asseblief namens ons, want N'vukadnetzar, koning van Bavel, maak oorlog teen ons; miskien sal יהודה met ons handel volgens al Sy wonderlike dade sodat hy van ons af sal terugtrek.”
 3 Toe het Yirmeyahu vir hulle gesê: “Julle moet vir Tzidkiyahu die volgende sê:
 4 ‘So sê יהודה, die God van Yisra'el: “Let op, Ek is op die punt om die oorlogswapens wat in julle hande is, waarmee julle oorlog voer teen die koning van Bavel en teen die Kasdeërs wat julle buite die muur beleër, terug te draai en Ek sal dit in die middel van hierdie stad versamel.
 5 Ek self sal teen julle oorlog maak met ’n uitgestrekte hand en ’n magtige arm, in toorn en in woede en in groot verontwaardiging.
 6 Ek sal ook die inwoners van hierdie stad neerslaan, beide mens en dier; hulle sal sterf van ’n groot pes.
 7 Dan, daarna,” verklaar יהודה, “sal Ek Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, sy diensknegte en die volk, selfs die wat in hierdie stad die pes, die swaard en die hongersnood oorleef het, oorgee in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hy sal hulle neerslaan met die skerpte van die swaard. Hy sal hulle nie spaar nie en ook geen jammerte of omgee hê nie.” ^{2 Kon 25}
 8 “Jy moet ook vir hierdie volk sê: ‘So sê יהודה: “Let op, Ek hou julle die pad van die lewe én die pad van die dood voor: ^{Yir 8:3}
 9 hy wat in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard en deur hongersnood en deur die pes, maar hy wat uitgaan en oorloop na die Kasdeërs wat julle beleër, sal lewe en sy eie lewe sal vir hom buit wees, ^{2 Kon 24:12; 25:27-30}
 10 want Ek het My gesig teen hierdie stad gerig ten skade en nie ten goede nie,” verklaar יהודה. “Dit sal oorgegee word in die hand van die koning van Bavel en hy sal dit met vuur verbrand.” ^{2 Kon 25:9}
 11 “Sê dan vir die huishouding van die koning van Y'hudah: ‘Hoor, luister en doen die woord van יהודה.
 12 O huis van Dawid, so sê יהודה: “Pas elke oggend die reg toe en red hulle wat beroof is uit die hand van sy onderdrukker sodat My wraak nie uitgaan en brand soos ’n vuur met niemand om dit te blus, weens die boosheid van hulle dade nie.

13 Let op, Ek is teen jou, o inwoner van die vallei, rots van die vlakte,” verklaar יְהוָה.

“Julle wat sê: ‘Wie sal afkom teen ons, of wie sal in ons blyplekke inkom?’

14 Ek sal julle egter volgens die vrug van julle dade straf,” verklaar יְהוָה; “en Ek sal ’n vuur aansteek in sy woud sodat dit sy hele omgewing verteer.””

22 1 So sê יְהוָה: “Gaan af na die huis van die koning van Y’hudah, praat hierdie woord daar

2 en sê: ‘Luister en hoor die woord van יְהוָה, o koning van Y’hudah, wat sit op die troon van Dawid; jy en jou diensknegte en jou volk wat deur hierdie poorte ingaan;

3 so sê יְהוָה: “Gee regverdigde oordeel en doen onpartydige opregtheid en red die wat beroof is uit die hand van sy onderdrukker; moet ook nie die vreemdeling, die wees en die weduwee verkeerd, of met geweld behandel nie en moenie onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie,

4 want as julle hierdie ding werklik sal doen, sal konings deur die poorte van hierdie huis ingaan wat op die troon van Dawid sal sit, wat op strydwaens en op perde sal ry, hyself en sy diensknegte en sy volk,

5 maar as julle nie hierdie woorde gehoorsaam nie, dan sweer Ek by Myself,” verklaar יְהוָה, “dat hierdie huis ’n verlatenheid sal word.””

6 want so sê יְהוָה aangaande die huis van die koning van Y’hudah: “Jy is soos Gil’ad vir My, soos die top van L’vanon. Tog sal Ek jou sekerlik maak soos ’n wildernis, stede wat nie bewoon word nie!

7 Ek sal verwoesters teen jou afsonder, elkeen met sy wapens en hulle sal jou keur seders afkap en in die vuur gooi.

8 Baie nasies sal by hierdie stad verbygaan en die een aan die ander vra: ‘Waarom het יְהוָה so gedoen aan hierdie groot stad?’

9 Dan sal hulle antwoord: ‘Omdat hulle die verbond van יְהוָה, hulle God, verlaat het en voor ander gode neergebuig en dié gedien het.’”

10 Moenie huil of rou oor die wat dood is nie, maar huil aanhoudend vir die een wat weggaan, want hy sal nie weer terugkom of die land van sy geboorte sien nie,

11 want so sê יְהוָה aangaande Shallum, die seun van Yoshiyahu, koning van Y’hudah, wat in die plek van sy vader Yoshiyahu koning geword het, wat uit hierdie plek uitgegaan het: “Hy sal nooit hierheen terugkom nie,

12 maar in die plek waarheen hulle hom as gevangene weggevoer het, daar sal hy sterf en nie hierdie land weer sien nie. ^{2 Kon 23:31-34}

13 Wee hom wat sy huis bou sonder onpartydige opregtheid en sy boonste kamers sonder regverdigde oordeel; wat sy naaste se dienste gebruik sonder betaling en nie vir hom sy loon gee nie;

14 wat sê: ‘Ek sal vir my ’n groot huis bou met ruim bokamers en sy vensters uitsny; dit met sederhout panele bedek en helder rooi verf.’

15 Word jy ’n koning omdat jy wedywer in sederhout? Het jou vader nie geëet en gedrink en regverdig geoordeel en onpartydig opreg gehandel nie? Toe het dit goed met hom gegaan.

16 Hy het die saak van die geteisterde en behoeftege regverdig hanteer; toe het dit goed gegaan. Is dit nie wat dit beteken om My te ken nie?” verklaar יְהוָה.

- 17 “Jou oë en jou verstand, wil en emosie is egter net op jou eie onregverdigde wins en op die vergieting van onskuldige bloed en op die praktisering van onderdrukking en afpersing.”
- 18 יְהוָה sê daarom aangaande Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah: “Hulle sal nie oor hom rou nie: ‘Ag, my broer!’ of ‘ag, suster!’ nie. Hulle sal nie oor hom rou nie: ‘Ag, vir die meester!’ of ‘ag, vir sy majesteit!’ nie.
- 19 Hy sal met 'n donkiebegrafnis begrawe word, weggesleep en uitgegooi anderkant die poorte van Yerushalayim. ^{2 Kon 24:6}
- 20 Gaan op na L'vanon en roep uit, lig jou stem op in Bashan; roep ook uit vanaf 'Avarim, want al jou minnaars is verguis.
- 21 Ek het met jou gepraat in jou voorspoed, maar jy het gesê: ‘Ek sal nie luister nie.’ Dit is wat jy gedoen het van jou jeug af: jy het nie My stem gehoorsaam nie.
- 22 Die wind sal al jou herders wegwaai en jou minnaars sal in gevangenskap gaan; dan sal jy beskaamd en vernederd staan weens al jou boosheid.
- 23 Jy wat bly in L'vanon, nes gemaak het in die seders; hoe sal jy kreun as steekpyne oor jou kom, pyn soos 'n vrou wat geboorte gee!
- 24 So waar as wat Ek leef,” verklaar יְהוָה, “alhoewel Koniyaahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, 'n seëlring aan My regterhand was, nogtans sal Ek jou afruk
- 25 en Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jou lewe soek en in die hand van hulle vir wie jy bang is, in die hand van N'vukadnetzar, koning van Babel en in die hand van die Kasdeërs.
- 26 Ek sal jou en jou moeder wat aan jou geboorte gegee het, wegslinger na 'n ander land waar julle nie gebore is nie en daar sal julle sterf,
- 27 maar na die land waarheen hulle begeer om terug te kom, daarheen sal hulle nie terugkeer nie.
- 28 Is hierdie man, Koniyaahu, 'n veragte, verbrokkelde houer, of is hy 'n ongeeerlike voorwerp? Waarom is hy en sy geslag weggeslinger en weggegooi na 'n land wat hulle nie geken het nie?” ^{2 Kon 24:8-15; 2 Kro 36:9,10}
- 29 O Land, land, land, hoor, luister en doen die woord van יְהוָה!
- 30 So sê יְהוָה: “Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie, want niemand van sy nageslag sal voorspoedig wees en sit op die troon van Dawid of heers oor Y'hudah nie.”
- 23** ¹ “Wee die herders wat die skape van My weiding vernietig en verstrooi,” verklaar יְהוָה; ^{Mal 2}
- 2 daarom, sê יְהוָה, God van Yisra'el, aangaande die herders wat Sy volk oppas: “Julle het My skape verstrooi en hulle weggedryf en nie aandag aan hulle gegee nie; let op, Ek is op die punt om aandag aan julle te gee vir die boosheid van julle dade,” verklaar יְהוָה. ^{Yog 10:8}
- 3 “Dan sal Ek self die wat oorbly van My skape versamel vanuit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het en hulle terugbring na hulle weiveld en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.

- 4 Ek sal ook herders oor hulle opwek wat hulle sal versorg en hulle sal nie meer bang of beangs wees en geen een sal vermis word nie,” verklaar יְהוָה.
- 5 “Let op, daar kom dae,” verklaar יְהוָה, “wanneer Ek vir Dawid 'n Onpartydige en Opregte Spruit sal opwek en Hy sal as Koning regeer en wys optree en regverdig oordeel en onpartydige opregtheid doen in die land. ^{Yog 7:42}
- 6 In Sy dae sal Y'hudah gered word en Yisra'el veilig woon en dít is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) waarmee Hy genoem sal word: יְהוָה is ons Tzidkenu' [יְהוָה is ons Onpartydige Opregtheid.] ^{Luk 23:47}
- 7 Let daarom op, daar kom dae,” verklaar יְהוָה, “wanneer hulle nie langer sal sê: ‘So waar as יְהוָה leef wat die seuns van Yisra'el uit Mitzrayim uitgebring het,’ nie,
- 8 maar: ‘So waar as יְהוָה leef wat die nageslag van die huis van Yisra'el van die land in die noorde gebring en terug gelei het en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het.’ Dan sal hulle op hul eie grond leef.”
- 9 Wat die profete betref: my binneste is gebreek, al my bene bewe binne my; ek het soos 'n dronk man geword, soos 'n man deur wyn oorweldig, vanweë יְהוָה en Sy afgesonderde woorde,
- 10 want die land is vol owerspelers, want die land treur weens die vloek. Die weivelde van die wildernis het opgedroog en hulle het swak voortgebring en hulle was nie voorspoedig nie,
- 11 want beide profet en priester is besoedel. “Selfs in My huis het Ek hulle boosheid gevind,” verklaar יְהוָה.
- 12 “Hulle pad sal daarom vir hulle soos glibberige plekke wees in die duisternis; hulle sal weggedryf word en daarin neerval, want Ek sal katastrofes oor hulle bring, die jaar van hulle straf,” verklaar יְהוָה.
- 13 “Meer nog, Ek het onder die profete van Shomron 'n afstootlike ding gesien: hulle profeteer deur Ba'al en lei My volk Yisra'el op 'n dwaalspoor.
- 14 Ek het ook onder die profete van Yerushalayim 'n verskriklike ding gesien: die pleeg van owerspel en loop in valsheid en hulle versterk die hande van boosdoeners sodat niemand terugdraai van sy boosheid af nie. Hulle het almal vir My geword soos S'dom en haar inwoners soos `Amorah;”
- 15 daarom, so sê יְהוָה-Tzva'ot aangaande die profete: “Let op, Ek gaan vir hulle wilde-als voer en hulle giftige water laat drink, want van die profete van Yerushalayim af het besoedeling uitgegaan in die hele land in.” ^{Yir 9:14}
- 16 So sê יְהוָה-Tzva'ot: “Moenie luister na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie. Hulle lei julle in nuttelosheid in; hulle praat visioene vanuit hulle eie verbeelding, nie uit die mond van יְהוָה nie.
- 17 Hulle sê gedurig aan dié wat My verag: יְהוָה het gesê: “Julle sal vrede hê.” Vir elkeen wat in die hardkoppigheid van sy eie verstand, wil en emosie loop, sê hulle: ‘Katastrofes sal nie oor julle kom nie.’”
- 18 Wie het in die raad van יְהוָה gestaan sodat hy Sy woord sou sien en hoor? Wie het aandag gegee aan Sy woord en geluister?
- 19 Let op, die storm van יְהוָה het in toorn uitgegaan, 'n draaikolk! Dit sal afswaai op die kop van die bose oortreders.

- 20 Die woede van יהוה sal nie terugdraai totdat Hy Sy doel en die planne van Sy wil uitgevoer het nie; in die laaste dae sal julle dit duidelik verstaan.
- 21 “Ek het die profete nie gestuur nie, maar hulle hardloop; Ek het nie met hulle gepraat nie, maar hulle het profeteer,
- 22 maar as hulle in My raad gestaan het, sou hulle My woorde aan My volk aankondig het en hulle teruggedraai het van hul bose pad en van die boosheid van hulle dade.
- 23 Ek is 'n God wat naby is,” verklaar יהוה, “en nie 'n God wat ver is nie. ^{Deut 4:7}
- 24 Kan 'n man homself in wegsteekplekke wegsteek dat Ek hom nie sien nie?” verklaar יהוה. “Maak Ek nie die hemel en die aarde vol nie?” verklaar יהוה.
- 25 “Ek het gehoor wat die profete gesê het wat valslik in My Naam (Karakter en Outoriteit) profeteer en sê: ‘Ek het 'n droom gehad, ek het 'n droom gehad!’
- 26 Hoe lank al is daar iets in die verstand, wil en emosie van die profete wat valsheid profeteer, profete van die misleiding van hulle eie verstand, wil en emosie,
- 27 wat beplan om My volk My Naam (Karakter en Outoriteit) te laat vergeet deur hulle drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle vaders My Naam (Karakter en Outoriteit) vergeet het as gevolg van Ba'al?
- 28 Die profeet wat 'n droom het, kan sy droom vertel, maar laat hom wat My woord het, My woord in waarheid praat. Hoekom meng jy kaf met die koring?” verklaar יהוה.
- 29 “Is My woord nie soos vuur en soos 'n hamer wat 'n rots vergruis nie?” verklaar יהוה.
- 30 “Let daarom op, Ek is teen die profete,” verklaar יהוה, “wat My woorde by mekaar steel.
- 31 Let op, Ek is teen die profete,” verklaar יהוה, “wat hulle eie tong gebruik en sê: ‘יהוה verklaar!’” ^{Deut 18:20}
- 32 Let op, Ek is teen hulle wat valse drome profeteer,” verklaar יהוה, “en dit vertel en My volk verlei deur hulle valshede en hulle waaghalsige grootpraterij; tog het Ek hulle nie gestuur of beveel nie en ook het hulle vir hierdie volk nie die minste voordeel gebring nie,” verklaar יהוה.
- 33 “Wanneer hierdie volk, of die profeet, of 'n priester jou vra en sê: ‘Wat is die geestesopenbaring van יהוה?’ Dan moet jy vir hulle sê: ‘Watter geestesopenbaring?’ יהוה verklaar: ‘Ek sal julle alleen los.’
- 34 Wat die profeet of die priester betref of die volk wat sê: ‘Die geestesopenbaring van יהוה,’ Ek sal straf bring oor daardie man en oor sy huishouding.
- 35 So moet elkeen van julle vir sy naaste en elkeen vir sy broer sê: ‘Wat het יהוה geantwoord?’ of ‘wat het יהוה gepraat?’,”
- 36 want julle sal nie meer die geestesopenbaring van יהוה onthou nie omdat elke man se woord geestesopenbaring sal word en julle die boodskappe van die lewende God, van יהוה-Tzva'ot, ons God, verdraai het.
- 37 So moet jy vir daardie profeet sê: ‘Wat het יהוה jou geantwoord?’ en ‘wat het יהוה gesê?’

38 As julle sê: ‘Die geestesopenbaring van יהוה!’ Sekerlik, so sê יהוה: ‘Omdat julle hierdie woord gesê het: “Die geestesopenbaring van יהוה!” het Ek ook na julle gestuur met die woorde: ‘Julle mag nie sê: “Die geestesopenbaring van יהוה” nie;’
 39 daarom, let op, Ek sal julle sekerlik vergeet en julle wegstamp van My Teenwoordigheid af, saam met die stad wat Ek vir julle en julle vaders gegee het.
 40 Ek sal ’n ewige smaad op julle lê en ’n ewige vernedering wat nie vergeet sal word nie.”

24 1 Nadat N’vukadnetzar, koning van Bavel, vir Koniyaḥu, die seun van Y’hoyakim, koning van Y’hudah, die amptenare van Y’hudah en die ambagsmanne en die smede uit Yerushalayim in gevangenskap weggevoer en hulle na Bavel gebring het, ^{2 Kon 24:8-15} het יהוה my gewys: let op, twee mandjies met vye, voor die tempel van יהוה reggesit:

2 een mandjie het baie goeie vye, soos die eerste-ryp vye en die ander mandjie het baie slegte vye, wat nie geëet kon word nie, so vrot was dit.

3 Toe het יהוה vir my gesê: “Wat sien jy, Yirmeyahu?” Ek het geantwoord: “Vye; die goeie vye is baie goed en die slegte baie sleg. So vrot, dit is te sleg om te eet.”

4 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

5 “So sê יהוה, God van Yisra’el: ‘Soos hierdie goeie vye, so sal Ek die gevangenes van Y’hudah, wat Ek uit hierdie plek na die land van die Kasdeërs gestuur het, as goed beskou,

6 want Ek sal My oog oor hulle laat gaan vir die goeie en Ek sal hulle weer na hierdie land toe bring en Ek sal hulle opbou en nie afbreek nie en hulle plant en nie uitruk nie.

7 Ek sal vir hulle ’n verstand, wil en emosie gee om My te ken, want Ek is יהוה en hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees, want hulle sal na My toe terugkeer met hul hele verstand, wil en emosie,

8 maar soos die slegte vye wat te vrot is om te eet, inderdaad, so sê יהוה, só sal Ek Tzidkiyahu, koning van Y’hudah en sy amptenare en die wat oorbly in Yerushalayim, wat in hierdie land gebly het en die wat in Mitzrayim bly, verlaat. ^{2 Kon 24:17-25:26}

9 Ek sal van hulle ’n verskrikking en boosheid maak vir al die koninkryke van die aarde, ’n bespotting en ’n spreekwoord, ’n belediging en ’n vervloeking in al die plekke waarheen Ek hulle sal verstrooi.

10 Ek sal die swaard, die hongersnood en die pes oor hulle stuur totdat hulle vernietig is vanuit die land wat Ek vir hulle en hul vaders gegee het.”

25 1 Die woord wat tot Yirmeyahu gekom het aangaande die hele volk van Y’hudah, in die vierde jaar van Y’hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y’hudah; dit was die eerste jaar van N’vukadnetzar, koning van Bavel;

2 wat Yirmeyahu, die profeet, aan die hele volk van Y’hudah en al die inwoners van Yerushalayim meegedeel en gesê het:

3 “Vanaf die dertiende jaar van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y’hudah, tot op hierdie dag, hierdie drie en twintig jaar lank, het die woord van יהוה tot my gekom en ek het keer op keer met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie.

- 4 יהוה het ook al Sy diensknegte, die profete, keer op keer na julle toe gestuur, maar julle het nie geluister of julle oor gedraai om te hoor nie,
- 5 om te sê: 'Draai elkeen nou weg van sy bose pad en van die boosheid van julle dade en bly in die land wat יהוה aan julle en julle voorvaders gegee het, vir ewig en ewig
- 6 en moenie agter ander gode aangaan om hulle te dien en voor hulle neer te buig nie en moet My nie tart tot woede met die werk van julle hande nie en Ek sal julle geen skade aandoen nie.'
- 7 Tog het julle nie na My geluister nie," verklaar יהוה "waardeer julle My getart het met die werk van julle hande, tot jul eie skade;"
- 8 daarom, so sê יהוה-Tzva'ot: "Omdat julle nie My woorde gehoorsaam het nie,
- 9 let op, Ek sal al die stamme van die Noorde laat haal en vat," verklaar יהוה "en Ek sal N'vukadnetzar, koning van Bavel, My dienskneg, vat en Ek sal hulle bring teen hierdie land en sy inwoners en teen al hierdie nasies rondom en Ek sal hulle volkome vernietig en hulle tot 'n verwoesting en spot maak en tot 'n ewige verlatenheid.
- 10 Meer nog, Ek sal uit hulle die stem van vreugde en die stem van blydschap uithaal, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die geluid van die meulsteen en die lig van die lamp.
- 11 Hierdie hele land sal 'n verlatenheid en 'n verskrikking wees en hierdie nasies sal die koning van Bavel sewentig jaar lank dien. ^{2 Kro 36:21}
- 12 Dan sal dit wees wanneer sewentig jaar voltooi is, Ek die koning van Bavel, daardie nasie en die land van die Kasdeërs vir hulle oortredinge sal straf," verklaar יהוה "en Ek sal daarvan 'n ewige verlatenheid maak.
- 13 Ek sal oor daardie land al My woorde bring wat Ek daarvoor aangekondig het, alles wat geskryf is in hierdie boek, wat Yirmeyahu geprofeteer het teen al die nasies,
- 14 want baie nasies en groot konings sal ook slawe van hulle maak en Ek sal hulle vergeld ooreenkomstig hul dade en volgens die werk van hul hande,"
- 15 want so het יהוה, die God van Yisra'el, vir my gesê: "Neem hierdie beker van die wyn van toorn uit My hand en laat al die nasies na wie Ek jou stuur dit drink. ^{Open 16:19}
- 16 Hulle sal drink en slinger en rasend word weens die swaard wat Ek tussen hulle sal instuur."
- 17 Toe het ek die beker uit die hand van יהוה gevat en al die volke na wie יהוה my gestuur het, maak drink:
- 18 Yerushalayim en die stede van Y'udah en sy konings en sy prinse, om van hulle 'n puinhoop te maak, 'n verskrikking, 'n bespotting en 'n vervloeking, soos dit vandag is;
- 19 Farao, koning van Mitzrayim, sy diensknegte, sy prinse en sy hele volk
- 20 en al die vreemde volke, al die konings van die land 'Utz, al die konings van die land van die F'lishtyne, selfs Askelon, 'Azah, 'Ekron en die wat oorgebly het van Ashdod;
- 21 Edom, Mo'av en die seuns van 'Ammon;
- 22 al die konings van Tzor, van Tzidon en die konings van die kuslande wat oorkant die see is
- 23 en D'dan, Teima, Buz en almal in die uiterste uithoeke

- 24 en al die konings van Arabië en al die konings van die vreemde mense wat in die woestyn bly
- 25 en al die konings van Zimri, al die konings van 'Eilam en al die konings van die Mede
- 26 en al die konings van die noorde wat naby en ver is, die een met die ander en al die koninkryke van die aarde wat op die aardbodem is en die koning van Sheshakh sal ná hulle drink.
- 27 Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Drink, wees dronk, gooi op, val neer en staan nie weer op nie, as gevolg van die swaard wat Ek tussen julle sal instuur."
- 28 "Dit sal wees dat as hulle weier om die beker uit jou hand te vat om te drink, dan moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Julle sal sekerlik drink,
- 29 want let op, Ek begin om 'n katastrofe in die stad te begin wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem is en sal julle heeltemal vry wees van straf? Julle sal nie vry wees van straf nie, want Ek roep 'n swaard op teen al die inwoners van die aarde," verklaar יהוה-Tzva'ot;'
- 30 daarom sal jy al hierdie woorde teen hulle profeteer en jy sal vir hulle sê: יהוה sal brul uit die hoogte en Sy stem oplik uit Sy afgesonderde blyplek; Hy sal magtiglik brul teen Sy kudde. Hy sal, soos die druiwetrappers, teen al die inwoners van die aarde uitskreeu.
- 31 'n Groot geraas het gekom tot by die einde van die aarde, want יהוה het 'n geskil met die nasies, Hy tree in die oordeel oor alle vlees; wat die bose oortreders betref, het Hy hulle oorgegee aan die swaard,' verklaar יהוה.'
- 32 So sê יהוה-Tzva'ot: "Let op, boosheid gaan uit van nasie tot nasie en 'n groot storm word opgewek vanuit die afgeleë dele van die aarde.
- 33 Die wat deur יהוה neergeslaan is, sal op dié dag wees van die een einde van die aarde tot die ander. Daar sal nie oor hulle gerou word nie, hulle sal nie bymekaar gemaak word of begrawe word nie; hulle sal soos mis op die grond wees.
- 34 Huil, o herders en roep uit; rol rond in die as, julle meesters van die kudde, want die dae van julle slagting en uitmekaarjaag het gekom en julle sal val soos keur voorwerpe.
- 35 Die herders sal nie die pad kry om te vlug of die ramme van die trop ontsnap nie.
- 36 Hoor die klank van die geskree van die herders en die gehuil van die meesters van die kudde omdat יהוה hulle weiveld verwoes het
- 37 en die vredevolle kuddes stil gemaak het weens die ernstige woede van יהוה.
- 38 Hy het soos 'n jong leeu sy wegkruipplek verlaat, want hulle land het 'n verskrikking geword weens die gewelddadigheid van die onderdrukkende swaard en weens Sy groot woede."
- 26** 1 In die begin van die regering van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord van יהוה af gekom en gesê:
- 2 "So sê יהוה: 'Gaan staan in die hof van die huis van יהוה en praat met al die stede van Y'hudah wat kom om te aanbid in die huis van יהוה, al die woorde wat Ek jou beveel het om vir hulle te sê; laat geen woord weg nie!

- 3 Miskien sal hulle luister en elkeen sal omdraai van sy verkeerde pad af sodat Ek jammer word oor die katastrofe wat Ek van plan is om aan hulle te doen weens die boosheid van hulle dade.'
- 4 Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "As julle nie na My luister nie: om in My wet te leef wat Ek voor julle gestel het;
- 5 om te luister na die woorde van My diensknegte, die profete, wat Ek na julle toe gestuur het om julle vroegtydig te waarsku, nie, (maar julle het nie geluister nie)
- 6 dan sal Ek hierdie huis maak soos Shiloh en hierdie stad sal Ek 'n vervloeking maak vir al die nasies van die aarde.'""
- 7 Die priesters, die profete en die hele volk het Yirmeyahu hierdie woorde hoor praat in die huis van יהוה.
- 8 Toe Yirmeyahu klaar gepraat het, alles wat יהוה beveel het om vir die hele volk te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: "Jy moet sterf!
- 9 Waarom het jy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה geprofeteer en gesê: 'Hierdie huis sal soos Shiloh word en hierdie stad sal verlate wees, sonder inwoner'?" Die hele volk het rondom Yirmeyahu vergader in die huis van יהוה.
- 10 Toe die amptenare van Y'hudah hierdie dinge hoor, het hulle vanuit die huis van die koning opgegaan na die huis van יהוה en hulle het gaan sit by die ingang van die Nuwe Poort van die huis van יהוה.
- 11 Toe het die priesters en die profete met die amptenare en met die hele volk gepraat en gesê: "'n Doodsvonnis vir hierdie man, want hy het geprofeteer teen hierdie stad, soos julle met jul ore gehoor het."
- 12 Toe het Yirmeyahu met al die amptenare en met die hele volk gepraat en gesê: "יהוה het my gestuur om al die woorde wat julle gehoor het teen hierdie huis en teen hierdie stad te profeteer.
- 13 Nou daarom, verander julle lewenswyses en julle dade en gehoorsaam die stem van יהוה, julle God en יהוה sal Sy gedagtes verander aangaande die onheil wat Hy teen julle aangekondig het,
- 14 maar ek, let op, ek is in julle hand; maak met my soos dit goed en reg is in julle oë.
- 15 Weet net verseker dat as julle my doodmaak, julle onskuldige bloed op julleself sal bring en op hierdie stad en op sy inwoners, want יהוה het my waarlik na julle toe gestuur om al hierdie woorde voor julle ore te praat."
- 16 Toe sê die amptenare en die hele volk vir die priesters en die profete: "Geen doodsvonnis vir hierdie man nie, want hy het met ons gepraat in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, ons God."
- 17 Toe het sommige oudstes van die land opgestaan en met die hele vergadering van die volk gepraat en gesê:
- 18 "Mikayah, van Moreshet, het profeteer in die dae van Hizkiyahu, koning van Y'hudah en met die hele volk van Y'hudah gepraat en gesê: 'So het יהוה-Tzva'ot gesê: "Tziyon sal soos 'n land omgeploeg word en Yerushalayim sal puinhope word en die berg van die huis soos hoë plekke van 'n woud.'"" Mik 3:12

- 19 Het Hizkiyahu, koning van Y'hudah en die hele Y'hudah hom doodgemaak? Het hy יהוה nie gevrees en יהוה se guns gevra nie en het יהוה nie Sy gedagtes verander oor die onheil wat Hy teen hulle aangekondig het nie, maar ons is besig om 'n groot boosheid teen onself te pleeg!”
- 20 Daar was inderdaad ook 'n man wat in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה geprofeteer het, Uriyahu, die seun van Sh'ma'yahu, van Kiryat-Ye'arim en hy het teen hierdie stad en teen hierdie land woorde geprofeteer soortgelyk aan Yirmeyahu.
- 21 Toe koning Y'hoyakim, al sy magtige manne en al die amptenare sy woorde hoor, het die koning probeer om hom dood te maak, maar Uriyahu het dit gehoor en hy was bang en het gevlug en na Mitzrayim gegaan.
- 22 Toe stuur koning Y'hoyakim manne na Mitzrayim, Elnatan, die seun van 'Akhbor en manne het saam met hom na Mitzrayim gegaan.
- 23 Hulle het Uriyahu uit Mitzrayim uitgebring en hom na koning Y'hoyakim gebring wat hom met die swaard doodgeslaan en sy lyk op die grafte van die gewone mense gegooi het,
- 24 maar die hand van Agikam, die seun van Shafan, was met Yirmeyahu sodat hy nie in die hand van die volk oorgegee is om doodgemaak te word nie.
- 27** 1 Aan die begin van die regering van Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom:
- 2 So het יהוה vir my gesê: “Maak vir jouself stroppe en jukke en sit dit op jou nek
- 3 en stuur woord vir die koning van Edom, na die koning van Mo'av, na die koning van die seuns van 'Ammon, na die koning van Tzor en na die koning van Tzidon deur middel van die gesante wat na Tzidkiyahu, koning van Y'hudah in Yerushalayim gekom het.
- 4 Beveel hulle om na hul meesters te gaan en te sê: ‘So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el. So moet julle aan jul meesters sê:
- 5 “Ek het die aarde, die mens en die diere wat op die aarde is, gemaak deur My groot krag en deur My uitgestrekte arm en Ek gee dit aan die een wat My tevrede stel.
- 6 Nou het Ek al hierdie lande in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel, My dienskneg gegee en Ek het ook die wilde diere van die veld aan hom gegee om hom te dien.
- 7 Al die nasies sal hom, sy seun en sy kleinseun dien totdat die tyd van sy eie land kom; dan sal baie nasies en groot konings hom hulle dienskneg maak.
- 8 Dit sal wees dat die nasie en die koninkryk wat hom, N'vukadnetzar, koning van Bavel, nie sal dien nie en wat sy nek nie sal sit onder die juk van die koning van Bavel nie, daardie nasie sal Ek straf met die swaard en die hongersnood en die pes,’ verklaar יהוה, ‘totdat Ek hulle vernietig het deur sy hand.
- 9 Julle egter, moenie luister na julle profete, na julle waarsêers, na julle dromers, na julle goëlaars en na julle towenaars nie. Hulle wat met julle praat en sê: “Julle sal nie die koning van Bavel dien nie,”
- 10 want hulle profeteer 'n leuen vir julle om julle ver te verwyder uit julle land uit en Ek sal julle uitdryf en julle sal omkom,

- 11 maar die nasie wat sy nek onder die juk van die koning van Bavel sal bring en hom dien, dié sal Ek in sy land laat bly,' verklaar יְהוָה 'en hulle sal dit bewerk en daarin bly.'"
- 12 Ek het woorde soos hierdie met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah gepraat en gesê: "Bring julle nekke onder die juk van die koning van Bavel, dien hom en sy volk en leef!
- 13 Hoekom sal u sterf, u en u volk, deur die swaard, die hongersnood en die pes, soos יְהוָה met daardie nasie gepraat het wat nie die koning van Bavel sal dien nie?
- 14 Moet dus nie luister na die woorde van die profete nie. Hulle wat met julle praat en sê: 'Julle sal nie die koning van Bavel dien nie,' want hulle profeteer vir julle 'n leuen,
- 15 want Ek het hulle nie gestuur nie," verklaar יְהוָה, "maar hulle profeteer vals in My Naam (Karakter en Outoriteit) sodat Ek julle kan uitdryf en julle kan omkom, julle en die profete wat vir julle profeteer."
- 16 Ek het met die priesters en met hierdie hele volk gepraat en gesê: "So sê יְהוָה: Moenie luister na die woorde van julle profete, wat vir julle profeteer en sê: 'Let op, die voorwerpe van die huis van יְהוָה sal nou binnekort uit Bavel teruggebring word' nie, want hulle profeteer 'n leuen vir julle.
- 17 Moenie na hulle luister nie; dien die koning van Bavel en leef. Waarom moet hierdie stad 'n puinhoop word?
- 18 As hulle egter profete is en as die woord van יְהוָה by hulle is, laat hulle יְהוָה-Tzva'ot nou versoek dat die voorwerpe wat in die huis van יְהוָה en die huis van die koning van Y'hudah en in Yerushalayim oorgebly het, nie na Bavel mag gaan nie,
- 19 want so sê יְהוָה-Tzva'ot aangaande die pilare, die see, die staanders en die ander voorwerpe wat in hierdie stad oorgebly het, ^{2 Kon 25:15-17}
- 20 wat N'vukadnetzar, die koning van Bavel, nie gevat het toe hy Y'khonyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, saam met al die edeles van Y'hudah en Yerushalayim in ballingskap weggevoer het uit Yerushalayim na Bavel toe nie.
- 21 Ja, so sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, aangaande die voorwerpe wat in die huis van יְהוָה en die huis van die koning van Y'hudah en in Yerushalayim oorgebly het: ^{Ez 6:5}
- 22 'Hulle sal na Bavel toe gedra word en sal daar bly tot op die dag dat Ek hulle besoek,' verklaar יְהוָה, 'dan sal Ek hulle terugbring en herstel tot hierdie plek.'"
- 28** 1 In dieselfde jaar, in die begin van die regering van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in die vierde jaar, in die vyfde maand, het Hananyah, die seun van 'Azzur, die profeet, wat uit Gib'on kom, met my gepraat in die huis van יְהוָה in die teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk en gesê:
- 2 "So sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Ek het die juk van die koning van Bavel verbreek.
- 3 Binne twee jaar sal Ek al die voorwerpe van die huis van יְהוָה wat N'vukadnetzar, die koning van Bavel, uit hierdie plek weggevat en na Bavel gebring het, na hierdie plek terugbring.

- 4 Ek gaan ook vir Konyahu, die seun van Y'hoyakim, koning van Y'hudah en al die ballinge van Y'hudah wat na Bavel gegaan het, terugbring, 'verklaar יְהוָה'; 'want Ek sal die juk van die koning van Bavel verbreek.'” 2 Kon 25:27-30
- 5 Toe het Yirmeyahu, die profeet, met Hananyah, die profeet, gepraat in die teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk wat in die huis van יְהוָה gestaan het
- 6 en die profeet Yirmeyahu het gesê: “Dit is waar, mag יְהוָה so doen; mag יְהוָה jou woorde wat jy geprofeteer het bevestig om die voorwerpe van die huis van יְהוָה en al die ballinge uit Bavel na hierdie plek toe terug te bring!
- 7 Tog, luister nou na hierdie woord wat ek voor julle ore praat en voor die ore van die hele volk:
- 8 “Die profete wat voor my en voor jou was, het van ouds af geprofeteer teen baie lande en teen groot koninkryke, van oorlog en katastrofes en pes.
- 9 Die profeet wat profeteer van vrede: wanneer die woord van die profeet waar word, sal die profeet bekend wees as een wat waarlik deur יְהוָה gestuur is.”
- 10 Toe het Hananyah, die profeet, die juk van die nek van Yirmeyahu, die profeet, afgehaal en dit gebreek.
- 11 En Hananyah het gepraat in die teenwoordigheid van die hele volk en gesê: “So sê יְהוָה: ‘Net so sal Ek die juk van N'vukadnetzar, koning van Bavel, binne twee jaar van die nek van al die nasies verbreek.’” Toe het die profeet Yirmeyahu weggegaan.
- 12 Die woord van יְהוָה het tot Yirmeyahu gekom nadat die profeet Hananyah die juk van die nek van die profeet Yirmeyahu afgebreek het en gesê:
- 13 “Gaan praat met Hananyah en sê: ‘So sê יְהוָה: “Jy het die jukke van hout gebreek, maar jy het in die plek daarvan yster jukke gemaak,”
- 14 want so sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: “Ek het 'n yster juk op die nek van al hierdie nasies gelê om N'vukadnetzar, die koning van Bavel, te dien en hulle sal hom dien. Ek het ook vir hom die wilde diere van die veld gegee.’”
- 15 Toe het Yirmeyahu, die profeet, vir Hananyah, die profeet, gesê: “Luister nou, Hananyah, יְהוָה het jou nie gestuur nie en jy het hierdie volk in 'n leuen laat vertrou;
- 16 daarom, so sê יְהוָה: ‘Let op, Ek is op die punt om jou van die aarde af te verwyder; hierdie jaar sal jy sterf omdat jy rebellie teen יְהוָה beraad het.’”
- 17 Hananyah, die profeet, het in dieselfde jaar, in die sewende maand, gesterf.
- 29** 1 Hierdie is die woorde van die brief wat Yirmeyahu, die profeet, uit Yerushalayim gestuur het na die res van die oudstes van die ballinge, die priesters, die profete en na die hele volk wat N'vukadnetzar uit Yerushalayim in ballingskap weggevoer het na Bavel toe.
- 2 Dit is nádat Y'konyahu, die koning, die koninginmoeder, die hofamptenare, die prinse van Y'hudah en Yerushalayim, die smede en die ambagsmanne, uit Yerushalayim vertrek het. 2 Kon 24:12

- 3 Dit is per hand saam met El'asah, die seun van Shafan en G'maryah, die seun van Hilkiyahu, vir wie Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, na N'vukadnetzar, die koning van Bavel, gestuur het, na Bavel en dit sê:
- 4 "So sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el, aan al die ballinge wat Ek uit Yerushalayim na Bavel in ballingskap gestuur het:
- 5 'Bou huise en woon daarin en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan.
- 6 Vat vroue en word die vaders van seuns en dogters en vat vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans sodat hulle geboorte kan gee aan seuns en dogters en vermenigvuldig daar en moenie verminder nie.
- 7 Soek die welstand van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggestuur het en bid daarvoor tot יהוה, want in sy welstand sal julle welstand hê,¹ Rom 13:1-6; 1 Tim 2:2
- 8 want so sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Moenie dat julle profete en julle waarsêers wat tussen julle is, julle mislei nie en moenie luister na die drome wat hulle droom nie,
- 9 want hulle profeteer vir julle vals in My Naam (Karakter en Outoriteit); Ek het hulle nie gestuur nie,' verklaar יהוה.
- 10 So sê יהוה: 'Wanneer sewentig jaar vir Bavel voltooi is, sal Ek julle besoek en My goeie boodskap aan julle vervul om julle na hierdie plek toe terug te bring,² Kro 36:21
- 11 want Ék weet watter planne Ek vir julle het,' verklaar יהוה, 'planne vir welvaart en nie van katastrofe nie, om vir julle 'n toekoms en 'n versekerde verwagting te gee,
- 12 dan sal julle My aanroep en kom en tot My bid en Ek sal na julle luister.
- 13 Julle sal My soek en vind as julle na My soek met julle hele verstand, wil en emosie.^{Deut 4:29}
- 14 Ek sal deur julle gevind word,' verklaar יהוה; 'Ek sal julle voorspoed herstel en julle versamel vanuit al die nasies en vanaf al die plekke waarheen Ek julle verdryf het,' verklaar יהוה; 'Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggestuur het.'
- 15 Omdat julle gesê het: יהוה het vir ons profete opgewek in Bavel;'
- 16 daarom, so sê יהוה aangaande die koning wat op die troon van Dawid sit en aangaande die hele volk wat in hierdie stad bly, julle broers wat nie saam met julle in ballingskap gegaan het nie,^{Yir 52:29,30}
- 17 so sê יהוה -Tzva'ot: 'Let op, Ek stuur die swaard, hongersnood en pes oor hulle en Ek sal hulle maak soos oopgebarste vye wat te vrot is om te eet.^{Yir 24}
- 18 Ek sal hulle agtervolg met die swaard, met hongersnood en met die pes en Ek sal van hulle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde, om 'n vervloeking, 'n afsku, 'n bespotting en 'n smaad onder al die volke waarheen Ek hulle verdryf het, te wees
- 19 omdat hulle nie na My woorde geluister het nie,' verklaar יהוה, 'wat Ek keer op keer deur My diensknegte, die profete, na hulle gestuur het, maar hulle het nie geluister nie,' verklaar יהוה.
- 20 Julle, daarom, hoor, luister en doen die woord van יהוה, al julle ballinge wat Ek uit Yerushalayim na Bavel weggestuur het!

- 21 So sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el, aangaande Ag'av, die seun van Kolayah en aangaande Tzidkiyahu, die seun van Ma'aseiyah, wat vir julle valslik in My Naam (Karakter en Outoriteit) profeteer: 'Let op, Ek sal hulle in die hand van N'vukadnetzar, die koning van Bavel, oorgee en hy sal hulle voor julle oë neerslaan.
- 22 As gevolg van hulle sal 'n vloek gebruik word deur al die ballinge van Y'hudah wat in Bavel is en sê: "Mag יהוה jou maak soos Tzidkiyahu en soos Ag'av, wat deur die koning van Bavel in die vuur gebraai is
- 23 omdat hulle dwaas gehandel het in Yisra'el en owerspel met die vroue van hulle naaste gepleeg het en woorde in My Naam (Karakter en Outoriteit) valslik gepraat het, wat Ek hulle nie beveel het nie en Ek is die Een wat weet en 'n Getuie is," verklaar יהוה.'
- 24 Met Sh'ma'yah, die Negelamiet, moet jy praat en sê:
- 25 "So sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Jy het briewe in jou eie naam (karakter en outoriteit) na al die mense wat in Yerushalayim is, gestuur en na Tz'fanyah, die seun van Ma'aseiyah, die priester en na al die priesters, wat sê:
- 26 "יהוה het jou as priester aangestel in die plek van Y'hoyada, die priester, om die toesighouer in die huis van יהוה te wees oor elke kranksinnige wat profeteer, om hom in die blok en in die nekyster te sit;
- 27 nou dan, waarom het jy nie vir Yirmeyahu, van 'Anatot, wat by julle profeteer, tereggewys nie,
- 28 want hy het vir ons in Bavel laat weet en gesê: 'Dit sal lank duur; bou huise en woon daarin en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan'?"
- 29 Tz'fanyah, die priester, het hierdie brief vir Yirmeyahu, die profeet, gelees.
- 30 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu en sê:
- 31 "Stuur aan al die ballinge en sê: 'So sê יהוה aangaande Sh'ma'yah, die Negelamiet: "Omdat Sh'ma'yah vir julle geprofeteer het alhoewel Ek hom nie gestuur het nie en julle in 'n leuen laat vertrou het;
- 32 daarom," so sê יהוה: "let op, Ek is op die punt om Sh'ma'yah, die Negelamiet en sy nageslag te straf; hy sal niemand hê wat leef tussen hierdie volk nie en hy sal nie die goeie sien wat Ek op die punt is om aan My volk te doen nie," verklaar יהוה, "want hy het rebellie teen יהוה verkondig.""
- 30** 1 Die woord wat vanaf יהוה tot Yirmeyahu gekom het:
- 2 "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Skryf al die woorde wat Ek met jou gepraat het, in 'n boek neer,
- 3 want let op, daar kom dae,' verklaar יהוה, 'dat Ek die voorspoed van My volk Yisra'el en Y'hudah sal herstel.' יהוה sê: 'Ek sal hulle ook terugbring na die land wat Ek vir hulle voorvaders gegee het en hulle sal dit besit.'"
- 4 Hierdie is die woorde wat יהוה gesê het aangaande Yisra'el en Y'hudah:
- 5 "So sê יהוה: 'Ek het 'n klank van verskrikking gehoor; van vrees en daar is geen vrede nie!
- 6 Vra tog en kyk of 'n manspersoon geboorte kan gee? Waarom sien Ek elke man met sy hande op sy heupe soos 'n vrou in geboortepyn en waarom het alle gesigte bleek geword?

- 7 Wee, want daardie dag is groot, daar is geen ander soos dit nie en dit is die tyd van Ya'akov se benoudheid, maar hy sal daaruit gered word.
- 8 Dit sal gebeur op daardie dag,' verklaar יְהוָה-Tzva'ot, 'dat Ek die koning van Bavel se juk van hulle nek sal afbreek en hulle stroppe sal afskeur en vreemdelinge sal hul nie langer hulle slawe maak nie,
- 9 maar hulle sal יְהוָה, hulle God, dien en Dawid, hulle Koning, wat Ek vir hulle sal opwek.
- 10 Wees nie bevrees nie, o Ya'akov My kneg,' verklaar יְהוָה 'en moenie mismoedig wees nie, o Yisra'el, want let op, Ek sal jou red daar ver en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap en Ya'akov sal terugkom en stil en rustig wees en niemand sal hom bang maak nie,
- 11 want Ek is by jou,' verklaar יְהוָה, 'om jou te red, want Ek sal al die nasies waarheen Ek jou verstrooi het volkome vernietig, maar vir jou sal Ek nie volkome vernietig nie, maar Ek sal jou regverdiglik tugtig en jou onder geen omstandighede ongestraf laat bly nie,'
- 12 want so sê יְהוָה: 'Jou wond is ongeneeslik en jou besering ernstig.
- 13 Daar is niemand om jou saak te pleit nie; geen genesing vir jou seer nie, geen herstel vir jou nie.
- 14 Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie, want Ek het jou verwond met die wond van 'n vyand, met 'n wrede straf omdat jou oortredinge groot is en jou sondes baie.
- 15 Waarom roep jy uit oor jou wond? Jou wond is pynlik omdat jou oortredinge groot is en omdat jou sondes vermeerder het, het Ek hierdie dinge aan jou gedoen;
- 16 daarom, almal wat jou opeet, sal opgeëet word en al jou teëstanders, elke een van hulle, sal in gevangenskap gaan en hulle wat jou plunder, sal geplunder word en Ek sal almal wat jou jag, oorgee as 'n prooi,
- 17 want Ek sal jou tot gesondheid herstel en jou genees van jou wonde,' verklaar יְהוָה, 'omdat hulle jou 'n uitgeworpene genoem het en sê: "Dit is Tziyon, niemand gee om vir haar nie."'
- 18 So sê יְהוָה: 'Let op, Ek sal die voorspoed van die tente van Ya'akov herstel en My oor sy blyplekke ontferm en die stad sal op sy puinhoop herbou word en die paleis sal op sy regte plek staan.
- 19 Vanuit hulle sal danksegging en die stem van hulle wat feesvier uitgaan en Ek sal hulle vermenigvuldig en hulle sal nie verminder nie; Ek sal hulle ook eer en hulle sal nie gering wees nie.
- 20 Hulle seuns sal ook wees soos vroeër en hulle bymekaarkoms sal voor My vasgestel wees en Ek sal al hulle onderdrukkers straf.
- 21 Hulle Leier sal een van hulle wees en hulle Heerser sal uit hul midde kom en Ek sal Hom nader bring en Hy sal nader kom na My toe, want wie sal sy lewe waag om nader te kom na My toe?' verklaar יְהוָה. Hag 1:12, 14; 2:4, 5, 21-23; Z'kh 4:6-10
- 22 'Julle sal My volk wees en Ek sal julle God wees.'"
- 23 Let op, die storm van יְהוָה! Toorn het uitgegaan, 'n kolkende storm! Dit sal oor die koppe van die bese oortreders losbreek.

24 Die ernstige woede van יהוה sal nie terugdraai nie totdat Hy die beplanning van Sy denke uitgevoer en voltooi het; in die laaste dae sal julle dit verstaan.

31 ¹ “In daardie tyd,” verklaar יהוה, “sal Ek die God wees van al die families van Yisra’el en hulle sal My volk wees.”

2 So sê יהוה: “Die mense wat die swaard oorleef het, het onverdiende guns gevind in die wildernis toe Yisra’el gegaan het om sy rus te vind.”

3 יהוה het van ver af aan hom verskyn: “Ek het jou liefgehad met ’n ewige liefde; daarom het Ek jou nader getrek met liefdevolle goedheid.

4 Ek sal jou weer bou en jy sal herbou wees, o maagd van Yisra’el! Jy sal weer jou tamboeryne optel en gaan na die danse van die feesvierders.

5 Jy sal weer wingerde plant op die heuwels van Shomron; die planters sal plant en hulle geniet,

6 want die dag sal kom wanneer die wagters op die heuwels van Efrayim uitroep: ‘Staan op en laat ons opgaan na Tziyon, na יהוה, ons God,’”

7 want so sê יהוה: “Sing hardop uit vreugde vir Ya’akov en roep uit oor die hoofde van die nasies; verkondig dit, sing lofprijsing en sê: ‘O יהוה, red U volk, wat oorgebly het van Yisra’el.’

8 Let op, Ek bring hulle vanuit die noordelike land en Ek sal hulle bymekaarmaak vanaf die afgeleë dele van die aarde; tussen hulle die blindes, die lammes, die vroue wat swanger is en die wat in kraam is, almal saam; as ’n groot vergadering sal hulle hierheen terugkom.

9 Hulle sal met gehuil en met smeking kom. Ek sal hulle lei; Ek sal hulle op paaie laat loop na waterstrome, op ’n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie, want Ek is ’n Vader vir Yisra’el en Efrayim is My eersgeborene.”

10 Luister en hoor die woord van יהוה, o nasies en verkondig in die kuslande wat ver is en sê: “Hy wat Yisra’el verstrooi het, sal hom bymekaarmaak en hom bewaak soos ’n herder sy kudde bewaak,”

11 want יהוה het Ya’akov losgekoop en hom bevry uit die hand van hom wat sterker was as hy. Yir 32:33,34; Yog 8:31-47; 2 Tim 2:25,26

12 Hulle sal kom en uitroep van vreugde op die hoogte van Tziyon en stralend wees oor die buit van יהוה, oor die graan en die nuwe wyn en die olie en oor die jong skape en beeste en hulle lewe sal soos ’n natgemaakte tuin wees en hulle sal nooit weer wegwyn nie.

13 Dan sal die maagd haar verheug in die dans en die jongmanne en die oues saam, want Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en vir hulle blydschap gee vir hulle smart.

14 Ek sal die lewe van die priesters vol maak met oorvloed en My volk sal versadig wees met My goedheid,” verklaar יהוה.

15 So sê יהוה: “’n Stem word gehoor in Ramah, ’n gekerm en bitter gehuil; Ragel huil oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, want hulle is nie meer nie.” Mat 2:17,18

16 So sê יהוה: “Bedwing jou stem van huil en jou oë van trane, want jou werk sal beloon word,” verklaar יהוה; “hulle sal terugkom uit die land van die vyand.

- 17 Daar is versekerde verwagting vir jou toekoms,” verklaar יְהוָה; “en die seuns sal terugkom na hulle eie grondgebied.
- 18 Ek het sekerlik vir Efrayim hoor kla: ‘U het my getugtig en ek is getugtig soos ’n ongeleerde kalf. Laat my terugkom sodat ek herstel kan word, want U is יְהוָה, my God,
- 19 want nadat ek teruggedraai het, het ek berou en erken en nadat ek geleer is, het ek op my heup geslaan; ek was beskaamd en ook vernederd omdat ek die smaad van my jeug gedra het.’
- 20 Is Efrayim My dierbare seun? Is hy ’n genotvolle kind? Inderdaad, so dikwels as wat Ek teen hom gepraat het, onthou Ek hom steeds; daarom verlang My binneste na hom; Ek sal My sekerlik oor hom ontferm,” verklaar יְהוָה.
- 21 Rig vir jouself padtekens op, sit vir jouself padwysers neer; rig jou gedagtes op die hoofpad, die pad waarop jy gegaan het. Kom terug, o maagd van Yisra’el, kom terug na hierdie, jou stede!
- 22 Hoe lank sal jy heen en weer gaan, o trouelose dogter? Want יְהוָה het iets nuuts op die aarde geskep: die vrou sal haar man liefhê.”
- 23 So sê יְהוָה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Weereens sal hulle hierdie woord sê in die land van Y’hudah en in sy stede, wanneer Ek hulle welvaart verander: ‘יְהוָה seën jou, o blyplek van onpartydige opregtheid, o afgesonderde heuwel!’
- 24 Y’hudah en al sy stede sal saam daarin bly, die landbouers en die wat met troppe rondgaan,
- 25 want Ek versadig die vermoeide een en verfris elkeen wat wegkwyn.”
- 26 Hiermee het ek wakker geword en opgelet, my slaap was vir my aangenaam.
- 27 “Let op, daar kom dae,” verklaar יְהוָה, “wanneer Ek die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah sal besaai met die saad van mense en van diere.
- 28 Soos Ek oor hulle gewaak het om uit te ruk, af te breek en om te gooi, te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle waak om te bou en te plant,” verklaar יְהוָה.
- 29 “In daardie dae sal hulle nie meer sê: ‘Die vaders het suur druiwe geëet en die tande van die seuns het stomp geword,’ nie,
- 30 maar elkeen sal vir sy eie oortredinge sterf; elke mens wat die suur druiwe eet, sy tande sal stomp word. ^{Yeg 18:4}
- 31 Let op, daar kom dae,” verklaar יְהוָה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah ’n nuwe verbond sal sluit, ^{Mat 26:28; 1 Kor 11:24,25; 2 Kor 3:6; Heb 8:8-12}
- 32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was,” verklaar יְהוָה. ^{Yeg 16:59}
- 33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יְהוָה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. ^{Yeg 11:19,20; 37:23; Open 21:3}
- 34 Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יְהוָה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יְהוָה, ^{1 Yeg 2:27} “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.”

- 35 So sê יהוה wat die son gee vir lig bedags en die vaste orde van die maan en van die sterre vir lig in die nag; ^{Gen 8:22} wat die see in beroering bring sodat sy golwe dreun; יהוה-Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit):
- 36 “As hierdie vaste orde vertrek voor My Teenwoordigheid,” verklaar יהוה, “dan sal die nageslag van Yisra’el ook vir altyd ophou om ’n volk in My Teenwoordigheid te wees.”
- 37 So sê יהוה: “As die hemele daarbo gemeet kan word en die fondamente van die aarde bestudeer kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Yisra’el verwerp vir alles wat hulle gedoen het,” verklaar יהוה.
- 38 “Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer die stad vir יהוה herbou sal word, vanaf die toring van Hanan’el af tot by die Hoekpoort.
- 39 Die meetlyn sal verder reguit aanloop tot by die heuwel Garev; dan sal dit draai na Go’ah toe.
- 40 Die hele vallei van die dooie liggame en van die as en al die velde so ver as tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van die Perdepoort na die oostekant toe, sal afgesonderd wees tot יהוה; dit sal nie weer uitgeruk of omgegooi word tot in ewigheid nie.”
- 32** 1 Die woord wat van יהוה af tot Yirmeyahu gekom het in die tiende jaar van Tzidkiyahu, koning van Y’hudah, wat die agttiende jaar van N’vukadnetzar was.
- 2 In daardie tyd het die leër van die koning van Bavel Yerushalayim beleër en Yirmeyahu, die profeet, was opgesluit in die hof van die wagte, wat in die huis van die koning van Y’hudah is
- 3 omdat Tzidkiyahu, koning van Y’hudah, hom opgesluit en gesê het: “Waarom profeteer jy en sê: ‘So sê יהוה: “Let op, Ek is op die punt om hierdie stad in die hand van die koning van Bavel te gee en hy sal dit inneem
- 4 en Tzidkiyahu, koning van Y’hudah, sal nie uit die hand van die Kasseërs ontsnap nie, maar hy sal sekerlik oorgegee word in die hand van die koning van Bavel en hy sal mond tot mond met hom praat en hom oog tot oog sien
- 5 en hy sal Tzidkiyahu na Bavel vat en hy sal daar wees totdat Ek hom besoek,” verklaar יהוה. “As julle teen die Kasseërs veg, sal julle nie suksesvol wees nie.””
- 6 Yirmeyahu het gesê: “Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 7 ‘Let op, Hanan’el, die seun van Shallum, jou oom, kom na jou toe en sê: “Koop vir jou my stuk grond wat in ‘Anatot lê, want jy het die reg van loskoping om dit te koop.””
- 8 Toe het Hanan’el, die seun van my oom, na my toe gekom volgens die woord van יהוה, in die hof van die wagte en vir my gesê: ‘Koop asseblief my stuk grond wat in ‘Anatot, in die land van Binyamin lê, want jy het die reg van besit en die loskoping is joune; koop dit vir jouself.’ Toe het ek geweet dat dit die woord van יהוה was.
- 9 Ek het die grond wat in ‘Anatot lê van Hanan’el, die seun van my oom, gekoop en vir hom die silwer afgeweeë: sewentien sikkels silwer.
- 10 Ek het die akte geteken en verseël en getuies ingeroep en die geld afgeweeë op die weegskaal.

- 11 Toe het ek die koopbrief gevat, beide die verseëlde een wat die terme bevat en die oop een
- 12 en die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriyaḥ, die seun van Magseyah, gegee voor die oë van Hanam'el, die seun van my oom en voor die oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het; voor die oë van almal van Y'hudah wat in die hof van die wagte gesit het
- 13 en ek het aan Barukh voor hulle oë beveel en gesê:
- 14 'So sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Neem hierdie aktes, hierdie verseëlde koopbrief en hierdie oop akte en sit hulle in 'n erdepot sodat hulle lank kan hou,"
- 15 want so sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Huise, lande en wingerde sal weer in hierdie land gekoop word."
- 16 Nadat ek die koopbrief aan Barukh, die seun van Neriyaḥ, gegee het, het ek tot יהוה gebid en gesê:
- 17 Ag, יהוה -God, let op, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot krag en deur U uitgestrekte arm! Niks is vir U te moeilik nie,
- 18 U wat liefdevolle goedheid wys aan duisende, maar die oortredinge van die vaders terugbetaal in die skoot van hulle kinders ná hulle; o, groot en magtige God, יהוה -Tzva'ot is Sy Naam (Karakter en Outoriteit);
- 19 groot van raad en magtig in daad, Wie se oë oop is vir al die lewenswyses van die seuns van die mens, om aan elkeen te gee volgens sy lewenswyse en volgens die vrug van sy dade;
- 20 wat tekens en wonders in Mitzrayim en tot vandag toe in beide Yisra'el en onder die mense gedoen het en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is.
- 21 U het U volk Yisra'el uit die land van Mitzrayim gebring met tekens en met wonders en met 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en met groot verskrikking
- 22 en aan hulle hierdie land gegee wat U hul vaders met 'n eed beloof het om vir hulle te gee, 'n land wat vloei met melk en heuning.
- 23 Hulle het gekom en dit in besit geneem, maar nie U stem gehoorsaam of in U wet geloop nie; hulle het absoluut niks gedoen wat U hulle beveel het om te doen nie; daarom het U al hierdie katastrofes oor hulle laat kom.
- 24 Let op, die beleëringswalle het gekom tot by die stad, om dit in te neem en die stad is vanweë die swaard, die hongersnood en die pes in die hand van die Kasdeërs wat daarteen veg, oorgegee en wat U gesê het, het gebeur en let op, U sien dit!
- 25 U, יהוה -God, het vir my gesê: "Koop vir jouself die stuk grond met geld en roep getuies in," alhoewel die stad in die hand van die Kasdeërs gegee is!"
- 26 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom en gesê:
- 27 "Let op, Ek is יהוה, die God van alle vlees; is enige iets te moeilik vir My?"
- 28 יהוה sê daarom: "Let op, Ek is op die punt om hierdie stad oor te gee in die hand van die Kasdeërs en in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en hy sal dit inneem.
- 29 Die Kasdeërs wat teen hierdie stad veg, sal inkom en hierdie stad aan die brand steek en dit verbrand, saam met dié huise waar daar op die dakke aan Ba'al wierook geoffer is en vir ander gode drankoffers uitgegiet is om My te tart tot woede.

- 30 Inderdaad het die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah van hulle jeug af boos gedoen in My oë, want die seuns van Yisra'el het My net deur die werk van hulle hande getart tot woede," verklaar יְהוָה.
- 31 Inderdaad was hierdie stad vir My 'n rede vir My woede en My toorn vanaf die dag dat hulle dit gebou het tot vandag toe sodat dit van voor My gesig verwyder moet word, ^{Luk 19:44}
- 32 as gevolg van al die boosheid van die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah wat hulle gedoen het om My te tart tot woede; hulle, hulle konings, hulle leiers, hulle priesters, hulle profete, die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim.
- 33 Hulle het hulle rug na My toe gedraai en nie hul gesig nie; alhoewel Ek hulle geleer het, keer op keer, wou hulle nie luister en instruksie ontvang nie,
- 34 maar hulle het hul verwerplike dinge neergesit in die huis wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word, om dit te verontreinig. ^{Yir 31:11; 2 Tim 2:25,26}
- 35 Hulle het die hoë plekke van Ba'al gebou in die valleie van Ben-Hinnom om hulle seuns en hulle dogters vir Molekh deur die vuur te laat gaan, wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in My gedagtes nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou doen om Y'hudah te laat sondig; ^{2 Kon 21:3,6}
- 36 daarom, so sê יְהוָה-God van Yisra'el, aangaande hierdie stad waarvan julle sê: 'Dit is in die hand van die koning van Babel oorgegee deur die swaard, die hongersnood en die pes,'
- 37 let op, Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het in My woede, in My toorn en in groot verontwaardiging en Ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle in veiligheid laat bly.
- 38 Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees
- 39 en Ek sal vir hulle een verstand, wil en emosie en een lewenswyse gee sodat hulle My altyd respekvol mag vrees, vir hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.
- 40 Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie sal wegdraai daarvan om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie.
- 41 Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen en Ek sal hulle getrou in hierdie land plant, met My hele verstand, wil en emosie en met My hele lewe,
- 42 want so sê יְהוָה: 'Net soos Ek al hierdie groot rampe oor hierdie volk gebring het, so gaan Ek al die goeie wat Ek hulle belowe oor hulle bring.
- 43 Grond sal gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: "Dit is 'n verlatenheid, sonder mens of dier; dit is in die hand van die Kasdeërs oorgegee."
- 44 Mense sal grond koop vir geld, aktes teken en verseël en getuies inroep in die land van Binyamin, in die omstreke van Yerushalayim, in die stede van Y'hudah, in die stede van die Bergland, in die stede van die Laagland en in die stede van die Suidland, want Ek sal hulle welstand herstel,' verklaar יְהוָה."

- 33** 1 Toe het die woord van יהוה vir die tweede keer tot Yirmeyahu gekom terwyl hy nog opgesluit was in die hof van die wagte en gesê:
- 2 “So sê יהוה wat jou gemaak het, wat jou gevorm het en jou gevestig het, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit):
- 3 ‘Roep na My en Ek sal jou antwoord en aan jou groot en magtige dinge vertel, wat jy nie weet nie,’
- 4 want so sê יהוה, die God van Yisra’el, met betrekking tot die huise van hierdie stad en die huise van die konings van Y’hudah wat die rowers ontwortel het deur die swaard:
- 5 hulle kom om te veg teen die Kasdeërs, maar dit is om die strate te vul met die lyke van mense wat Ek neergeslaan het in My woede en in My toorn, want Ek het My gesig van hierdie stad af weggedraai as gevolg van al hulle boosheid:
- 6 “Let op, Ek sal gesondheid en genesing bring en hulle genees en Ek sal vir hulle ’n oorvloed vrede en waarheid openbaar.
- 7 Ek sal die welstand van Y’hudah en die welstand van Yisra’el herstel en hulle herbou soos hul aan die begin was.
- 8 Ek sal hulle reinig van al hulle oortredinge waarmee hulle teen My gesondig het en Ek sal al hulle oortredinge vryspreek waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het.
- 9 Dit sal vir My ’n naam van vreugde, lofprysing, eer en aanbidding wees voor al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek vir hulle doen en hulle sal respekvol vrees en bewes as gevolg van al die goeie en al die vrede wat Ek vir hulle bring.’
- 10 So sê יהוה: ‘Daar sal weer in hierdie plek waarvan julle sê: “Dit is ’n woesteny, sonder mens en sonder dier,” in die stede van Y’hudah en op die strate van Yerushalayim wat verlate is, sonder mens, sonder inwoner en sonder dier,
- 11 die stem van vreugde en die stem van blydschap, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: “Bring danksegging aan יהוה-Tzva’ot, want יהוה is goed, want Sy liefdevolle goedheid is vir ewig” en van die wat ’n dankoffer bring in die huis van יהוה, gehoor word, want Ek sal die welvaart van die land herstel soos dit aan die begin was,’ sê יהוה.
- 12 So sê יהוה-Tzva’ot: ‘Daar sal weer in hierdie plek wat ’n woesteny is, sonder mens of dier en in al sy stede ’n blyplek wees vir herders wat hulle troppe laat rus. ^{Luk 2:8}
- 13 In die stede van die Bergland, in die stede van die Laagland, in die stede van die Suidland, in die land van Binyamin, in die omstreke van Yerushalayim en in die stede van Y’hudah sal die troppe weer, onder die hand van die een wat hulle tel, verbygaan,’ sê יהוה.
- 14 ‘Let op, daar kom dae,’ verklaar יהוה, ‘wanneer Ek die goeie woord in vervulling sal bring wat Ek gesê het aangaande die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah.
- 15 In daardie dae en in daardie tyd sal Ek vir Dawid ’n onpartydige en opregte Spruit laat uitspruit en Hy sal regverdige oordeel en onpartydige opregtheid uitoefen op die aarde.

- 16 In daardie dae sal Y'hudah gered word en Yerushalayim in veiligheid bly en dit sal die naam wees wat dit genoem word: יהודה is ons onpartydige opregtheid [יהודה-Tzidkenu],
- 17 want so sê יהודה: “Daar sal nooit vir Dawid 'n man ontbreek om te sit op die troon van die huis van Yisra'el nie ^{Ps 89:4,5; Open 22:16}
- 18 en daar sal vir die Leviëte en priesters nooit 'n man ontbreek voor My Teenwoordigheid om altyd deur brandoffers te bring en graanoffers aan die brand te steek en om voortdurend offers voor te berei nie.” ^{Heb 7:25}
- 19 Die woord van יהודה het tot Yirmeyahu gekom en gesê:
- 20 “So sê יהודה: ‘As julle My instellings vir die dag en My instellings vir die nag kan verbreek sodat dag en nag nie op sy vasgestelde tyd sal wees nie,
- 21 dan sal My verbond ook met Dawid, My dienskneg, verbreek kan word sodat daar vir hom geen seun sal wees wat regeer op sy troon nie en My verbond met die Leviëte, My bedienaars, verbreek kan word. ^{1 Kefa 2:5-9; Heb 7:12; 10:21}
- 22 Soos die leërskaars van die hemel nie getel en die sand van die see nie gemeet kan word nie, so sal Ek die nageslag van My kneg Dawid en die Leviëte wat My bedien, vermenigvuldig.”
- 23 Die woord van יהודה het tot Yirmeyahu gekom en gesê:
- 24 “Het jy nie opgemerk wat hierdie volk praat as hulle sê: ‘Die twee families wat יהודה gekies het, dié het Hy verwerp,’ nie? So verag hulle My volk, hulle is geen nasie meer in hulle oë nie.”
- 25 So sê יהודה: “As My verbond met dag en nag nie staan nie en die vaste patrone van hemel en aarde, nie vasgestel is nie,
- 26 dan sal Ek die nageslag van Ya'akov en van My dienskneg Dawid verwerp sodat Ek nie uit sy nageslag heersers sal vat oor die nageslag van Avraham, Yitz'gag en Ya'akov nie, maar Ek sál hulle welvaart herstel en My oor hulle ontferm.”
- 34** ¹ Die woord wat van יהודה tot Yirmeyahu gekom het toe N'vukadnetzar, koning van Bavel en sy hele leër, saam met al die koninkryke van die aarde wat onder sy heerskappy is en al die volke teen Yerushalayim en al sy stede oorlog gevoer het en gesê het:
- 2 “So sê יהודה-God van Yisra'el: ‘Gaan en praat met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sê vir hom: “So sê יהודה: ‘Let op, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Bavel en hy sal dit met vuur verbrand.
- 3 Jy sal nie uit sy hand ontsnap nie, want jy sal sekerlik gevang en in sy hand oorgegee word en jy sal die koning van Bavel oog tot oog sien en hy sal met jou mond tot mond praat en jy sal na Bavel toe gaan.”’
- 4 Tog, luister na die woord van יהודה, o Tzidkiyahu, koning van Y'hudah! So sê יהודה aangaande jou: ‘Jy sal nie deur die swaard sterf nie. ^{2 Kon 25:7}
- 5 Jy sal in vrede sterf en soos wierook vir jou vaders, die vorige konings wat voor jou was, gebrand is, só sal hulle ook vir jou brand en rou oor jou: “Ag, meester,” want Ék het die woord gespreek,” verklaar יהודה.
- 6 Toe het Yirmeyahu, die profeet, al hierdie woorde vir Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in Yerushalayim gesê

- 7 terwyl die leër van die koning van Bavel oorlog voer teen Yerushalayim en teen al die stede van Y'hudah wat oorgebly het: Lakhish en 'Azekah, want hulle het alleen as versterkte stede oorgebly onder die stede van Y'hudah.
- 8 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het nadat koning Tzidkiyahu 'n verbond gesluit het met die hele volk wat in Yerushalayim was, om vir hulle vrylating uit te roep:
- 9 dat elke man sy slaaf en sy slavin, 'n Hebreëuse man of Hebreëuse vrou, vry moet laat sodat niemand 'n Hebreër, sy broer, in bande sou hou nie.
- 10 Al die amptenare en al die mense wat die verbond aangegaan het, het gehoorsaam dat elkeen sy slaaf en sy slavin vry sou laat gaan sodat niemand hulle meer in slawerny sou hou nie; hulle het gehoorsaam en hulle vrygelaat,
- 11 maar later het hulle omgedraai en weer die slawe en slavinne teruggevat wat hulle vrygelaat het en hulle het hulle as slawe en slavinne onderwerp.
- 12 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom en gesê:
- 13 "So sê יהוה-God van Yisra'el: 'Ek het 'n verbond met julle vaders gesluit op die dag toe Ek hulle uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgebring het en gesê:
- 14 "Aan die einde van sewe jaar moet elkeen van julle sy broer, die Hebreër wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, vry laat weggaan; jy moet hom vry van jou af wegstuur, maar julle voorvaders het nie na My geluister of hulle oor na My gedraai nie. Eks 21:2; Deut 15:12-18
- 15 Alhoewel julle onlangs omgedraai het en gedoen het wat reg is in My oë, om elkeen vrylating aan sy naaste aan te kondig en julle 'n verbond gesluit het voor My Teenwoordigheid, in die huis wat na My Naam genoem is,
- 16 het julle tog gedraai en My Naam (Karakter en Outoriteit) onteer en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vrygelaat het volgens hulle begeerte, teruggevat en julle het hulle in onderdanigheid gebring om julle slawe en slavinne te wees;'"
- 17 daarom, so sê יהוה: 'Julle het nie na My geluister om vrylating aan te kondig, elkeen vir sy broer en vir sy naaste nie. Let op, Ek kondig 'n vrylating aan vir jou,' verklaar יהוה, 'tot die swaard, die pes en die hongersnood en Ek sal van julle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde.
- 18 Ek sal die manne wat My verbond oortree het, wat nie die woorde van die verbond nagekom het wat hulle voor My Teenwoordigheid gesluit het nie, toe hulle die kalf in twee stukke gesny en tussen die stukke deurgeloop het;
- 19 die amptenare van Y'hudah, die amptenare van Yerushalayim, die hofamptenare, die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het;
- 20 Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en hulle lyke sal kos wees vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die aarde.
- 21 Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en sy amptenare sal Ek oorgee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek en in die hand van die leër van die koning van Bavel wat van julle af weggetrek het. 2 Kon 24:20-25:11

22 Let op, Ek gaan bevel gee,' verklaar יְהוָה, 'en Ek sal hulle na hierdie stad toe terugbring en hulle sal daarteen oorlog voer en dit inneem en dit met vuur verbrand en Ek sal die stede van Y'hudah 'n verlatenheid maak, sonder inwoner.'"

35 1 Die woord wat vanaf יְהוָה tot Yirmeyahu gekom het in die dae van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:

2 "Gaan na die huis van die Rekhaviete en praat met hulle en bring hulle na die huis van יְהוָה, in een van die kamers in en gee vir hulle wyn om te drink."

3 Toe het ek vir Ya'azanyah, die seun van Yirmeyahu, die seun van Havatzinyah, gevat, sy broers, al sy seuns en die hele huis van die Rekhaviete

4 en ek het hulle in die huis van יְהוָה ingebring, in die kamer van die seuns van Hanan, die seun van Yigdalyahu, die man van God, wat naby die kamer van die amptenare is, wat bo die kamer van Ma'aseiyah, die seun van Shallum, die deurwagter is.

5 Toe het ek voor die manne van die huis van die Rekhaviete kruike vol wyn en bekers neergesit en vir hulle gesê: "Drink wyn,"

6 maar hulle het geantwoord: "Ons sal nie wyn drink nie, want Yonadav, die seun van Rekhav, ons vader, het ons beveel en gesê: 'Julle mag geen wyn drink nie, julle of julle seuns, vir ewig.

7 Julle mag nie 'n huis bou of saad saai of 'n wingerd plant of een besit nie, maar julle moet in tente woon al julle dae sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle besoekers is.'

8 Ons het die stem van ons vader Yonadav, die seun van Rekhav, gehoorsaam, in alles wat hy ons beveel het, om geen wyn te drink al ons dae nie, ons, ons vroue, ons seuns en ons dogters,

9 of om vir ons huise te bou om in te bly nie en ons het geen wingerd of landerye of saad nie.

10 Ons het net in tente gebly en was gehoorsaam en het gedoen volgens alles wat ons vader Yonadav ons beveel het,

11 maar toe N'vukadnetzar, koning van Bavel, teen die land opgekom het, het ons gesê: 'Kom, laat ons na Yerushalayim gaan voor die leër van die Kasdeërs en voor die leër van die Arameërs.' Ons het dus in Yerushalayim gebly."

12 Toe kom die woord van יְהוָה tot Yirmeyahu en sê:

13 "So sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: 'Gaan sê vir die manne van Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim: "Wil julle nie lering ontvang deur na My woorde te luister nie?"' verklaar יְהוָה.

14 "Die woorde van Yonadav, die seun van Rekhav, wat hy sy seuns beveel het om geen wyn te drink nie, het hulle gehou. Hulle drink dus geen wyn tot vandag toe nie, want hulle het hulle vader se bevel gehoorsaam. Ék het egter met julle gepraat, keer op keer; tog het julle nie na My geluister nie.

15 Ek het ook al My diensknegte, die profete, keer op keer na julle toe gestuur om te sê: 'Draai elkeen weg van sy verkeerde lewenswyse en verander julle dade en loop nie agter ander gode aan om hulle te aanbid nie. Dan sal julle bly in die land wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het,' maar julle het nie julle oor gedraai of na My geluister nie.

- 16 Inderdaad, die seuns van Yonadav, die seun van Rekhav, het die bevel van hulle vader gehou wat hy hulle beveel het, maar hierdie volk luister nie na My nie.”
- 17 יְהוָה, die God van die leërmagte, die God van Yisra'el, sê daarom: “Let op, Ek bring oor Y'hudah en oor al die inwoners van Yerushalayim al die rampe wat Ek teen hulle verklaar het omdat Ek met hulle gepraat het, maar hulle nie geluister het nie en Ek hulle geroep het, maar hulle nie geantwoord het nie.” ^{Deut 27,28}
- 18 Toe sê Yirmeyahu vir die huis van die Rekhaviete: “So sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: ‘Omdat julle die opdrag van julle vader Yonadav gehoorsaam het; al sy opdragte gehou en gedoen het volgens alles wat hy julle beveel het;
- 19 daarom, so sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: “Yonadav, die seun van Rekhav, sal nooit 'n man ontbreek om altyd voor My Teenwoordigheid te staan nie.””
- 36** 1 In die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, het hierdie woord van יְהוָה tot Yirmeyahu gekom:
- 2 “Wat 'n boekrol en skryf al die woorde wat Ek met jou gepraat het oor Yisra'el, Y'hudah en oor al die nasies daarop, vanaf die dag dat Ek met jou gepraat het, van die dae van Yoshiyahu af, tot vandag toe.
- 3 Miskien sal die huis van Y'hudah hoor van al die rampe wat Ek beplan om oor hulle te bring sodat elkeen kan omdraai van sy verkeerde lewenswyse; dan sal Ek hulle oortredinge en hulle sonde vergewe.”
- 4 Toe het Yirmeyahu vir Barukh, die seun van Neriya, geroep en Barukh het op 'n boekrol geskryf, gedikteer deur Yirmeyahu, al die woorde van יְהוָה wat Hy met hom gepraat het.
- 5 Yirmeyahu het Barukh beveel en gesê: “Ek is ingeperk; ek kan nie in die huis van יְהוָה ingaan nie.
- 6 Gaan op 'n vasdag en lees vir die mense in die huis van יְהוָה die woorde van יְהוָה uit die rol wat jy deur my diktasie geskryf het en jy moet dit ook lees vir die hele Y'hudah wat vanaf hulle stede kom.
- 7 Miskien sal hulle versoeke voor die Teenwoordigheid van יְהוָה kom en almal sal omdraai van hulle verkeerde lewenswyse, want groot is die woede en die toorn wat יְהוָה teen hierdie volk verklaar het.”
- 8 Barukh, die seun van Neriya, het gedoen volgens alles wat Yirmeyahu, die profeet, hom beveel het en die woorde van יְהוָה, in die huis van יְהוָה, uit die boekrol gelees.
- 9 In die vyfde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah, in die negende maand, het al die mense in Yerushalayim en al die mense wat uit die stede van Y'hudah na Yerushalayim gekom het, 'n vasdag voor die Teenwoordigheid van יְהוָה uitgeroep.
- 10 Toe het Barukh die woorde van Yirmeyahu uit die boek aan al die mense gelees, in die huis van יְהוָה, in die kamer van G'maryah, die seun van Shafan, die skrywer, in die boonste hof, by die ingang van die Nuwe Poort van die huis van יְהוָה.
- 11 Toe Mikhay'hu, die seun van G'maryah, die seun van Shafan, al die woorde van יְהוָה uit die boekrol gehoor het,

- 12 gaan hy af na die huis van die koning, na die kamer van die skrywer en let op, al die amptenare het daar gesit: Elishama, die skrywer; D'layahu, die seun van Sh'ma'yahu; Elnatan, die seun van 'Akhbor; G'maryah, die seun van Shafan; Tzidiyahu, die seun van Hananyahu en al die amptenare.
- 13 Mikhay'hu het aan hulle die hele boodskap aangekondig wat hy gehoor het toe Barukh uit die boekrol vir al die mense gelees het.
- 14 Toe stuur al die amptenare vir Y'hudi, die seun van N'tanyahu, die seun van Shelemyahu, die seun van Kushi, na Barukh, met die boodskap en sê: "Wat die rol waaruit jy vir die mense gelees het in jou hand en kom." Barukh, die seun van Neriyah, vat toe die rol in sy hand en gaan na hulle toe.
- 15 Hulle sê vir hom: "Sit asseblief en lees dit vir ons." Barukh het dit vir hulle gelees.
- 16 Toe hulle al die woorde gehoor het, het hulle verskrik na mekaar gedraai en vir Barukh gesê: "Ons moet al hierdie woorde sekerlik aan die koning rapporteer."
- 17 Hulle het vir Barukh gevra: "Vertel ons asseblief, hoe het jy al hierdie woorde neergeskryf; deur sy diktasie?"
- 18 Toe antwoord Barukh hulle: "Hy het al hierdie woorde aan my dikteer en ek het dit met ink op die boekrol geskryf."
- 19 Toe sê die amptenare vir Barukh: "Gaan, kruip weg, jy en Yirmeyahu en laat niemand weet waar julle is nie."
- 20 Hulle het na die koning in die hof gegaan, maar hulle het die rol in die kamer van Elishama, die skrywer, gebêre en al die woorde aan die koning rapporteer.
- 21 Toe stuur die koning vir Y'hudi om die rol te gaan haal en hy het dit gaan haal uit die kamer van Elishama, die skrywer en Y'hudi het dit vir die koning en vir al die amptenare wat by die koning staan, gelees.
- 22 Die koning het in die winterpaleis, in die negende maand gesit met 'n vuur in die koper pan voor hom.
- 23 Wanneer Y'hudi drie of vier kolomme gelees het, het die koning dit met die mes van 'n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi wat op die koper pan was totdat die hele boekrol in die vuur op die koper pan verteer was.
- 24 Tog was die koning en al sy diensknegte wat al hierdie woorde gehoor het, nie bang nie en het hulle ook nie hulle klere geskeur nie.
- 25 Selfs al het Elnatan, D'layahu en G'maryah by die koning gepleit om nie die boekrol te verbrand nie, wou hy nie na hulle luister nie.
- 26 Die koning het Yeragme'el, die seun van die koning, S'rayahu, die seun van 'Azri'el en Shelemyahu, die seun van 'Avde'el, beveel om Barukh, die skrywer en Yirmeyahu, die profeet, te vang, maar יְרֵמְיָהּ het hulle weggesteek.
- 27 Toe kom die woord van יְרֵמְיָהּ tot Yirmeyahu nadat die koning die boekrol, met die woorde wat Barukh deur die diktering van Yirmeyahu geskryf het, verbrand het en sê:
- 28 "Wat weer 'n ander boekrol en skryf daarop al die vorige woorde wat op die eerste rol was, wat Y'hoyakim, koning van Y'hudah, verbrand het

- 29 en aangaande Y'hoyakim, koning van Y'hudah, moet jy sê: 'So sê יהוה: "Jy het hierdie boekrol verbrand en gesê: 'Waarom het jy daarop geskrywe dat die koning van Bavel sekerlik sal kom en hierdie land vernietig en mens en dier daarop sal laat ophou bestaan?'"
- 30 יהוה sê daarom aangaande Y'hoyakim, koning van Y'hudah: "Hy sal niemand hê om te sit op die troon van Dawid nie en sy lyk sal uitgegooi word op die hitte van die dag en die ryp van die nag.
- 31 Ek sal hom, sy nageslag en sy diensknegte straf vir hulle oortredinge en Ek sal oor hulle, die inwoners van Yerushalayim en die manne van Y'hudah al die rampe bring wat Ek teen hulle verklaar, want hulle het nie geluister nie."'''
- 32 Toe het Yirmeyahu 'n ander boekrol gevat en dit vir Barukh, die seun van Neriya, die skrywer, gegee en hy het op dit die diktasie van Yirmeyahu geskryf, al die woorde van die boek wat Y'hoyakim, koning van Y'hudah, in die vuur verbrand het en baie soortgelyke woorde is by hulle bygevoeg.
- 37** 1 Tzidkiyahu, die seun van Yoshiyahu, wat N'vukadnetzar, koning van Bavel, koning gemaak het in die land van Y'hudah, het as koning regeer in die plek van Koniya (Y'hoyakhin), die seun van Y'hoyakim, ^{2 Kon 24:12-20}
- 2 maar nie hy of sy diensknegte of die mense van die land het geluister na die woorde van יהוה wat Hy deur Yirmeyahu, die profeet, gepraat het nie.
- 3 Tog het koning Tzidkiyahu vir Y'hukhal, die seun van Shelemyahu en Tz'fanyahu, die seun van Ma'aseiyah, die priester, na Yirmeyahu, die profeet, gestuur en gesê: "Bid asseblief tot יהוה, ons God, vir ons." ^{Yir 21:2}
- 4 Yirmeyahu het nog in- en uitgegaan tussen die volk, want hulle het hom nog nie in die tronk gesit nie.
- 5 Intussen het die leër van Farao uit Mitzrayim uitgetrek en toe die Kasdeërs wat besig was om Yerushalayim te beleër, die verslag aangaande hulle hoor, het hulle die beleëring van Yerushalayim afgelig.
- 6 Toe kom die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet en sê:
- 7 "So sê יהוה, God van Yisra'el: 'So moet julle sê aan die koning van Y'hudah wat julle na My toe gestuur het om My te raadpleeg: "Let op, die leër van Farao wat uitgetrek het om julle te help, sal teruggaan na sy eie land, na Mitzrayim.
- 8 Die Kasdeërs sal ook terugkom en teen hierdie stad veg, dit inneem en dit met vuur verbrand."'
- 9 So sê יהוה: 'Moenie julleself bedrieg deur te sê: "Die Kasdeërs sal sekerlik van ons af weggaan nie," want hulle sal nie gaan nie,
- 10 want al sou julle die hele leër van die Kasdeërs wat teen julle veg, verslaan en daar onder hulle net gewondes oorbly, elkeen in sy tent, sal hulle opstaan en hierdie stad met vuur verbrand."'
- 11 Dit het gebeur toe die leër van die Kasdeërs van Yerushalayim af weggetrek het as gevolg van die leër van Farao,
- 12 dat Yirmeyahu uit Yerushalayim uitgegaan het om na die land van Binyamin te gaan, om daar besit te gaan neem van eiendom tussen die mense.

- 13 Terwyl hy by die Binyaminspoort was, was daar 'n kaptein van die wag met die naam van Yir'iyah, die seun van Shelemyahu, die seun van Hananyah en hy het Yirmeyahu, die profeet, gearresteer en gesê: "Jy gaan oor na die Kasdeërs!"
- 14 Yirmeyahu het egter gesê: "'n Leuen! Ek gaan nie oor na die Kasdeërs toe nie;" tog wou hy nie na hom luister nie. Yir'iyah het Yirmeyahu arresteer en hom na die amptenare gebring.
- 15 Toe was die amptenare baie kwaad vir Yirmeyahu en het hom geslaan en hom in die tronk gesit in die huis van Y'honatan, die skrywer, wat hulle as tronk ingerig het,
- 16 want Yirmeyahu is in die kerker, dit is die put opening, laat afsak en Yirmeyahu het baie dae daar gebly.
- 17 Koning Tzidkiyahu het gestuur en hom laat haal en die koning het hom in sy paleis in die geheim gevra en gesê: "Is daar 'n woord vanaf יהוה?" Yirmeyahu antwoord: "Daar is!" Toe sê hy: "U sal in die hand van die koning van Bavel oorgelewer word."
- 18 Verder het Yirmeyahu vir koning Tzidkiyahu gesê: "Wat het ek teen u of teen u diensknegte of teen hierdie volk gesondig sodat julle my in die tronk gesit het?"
- 19 Waar is julle profete dan wat vir julle geprofeteer en gesê het: 'Die koning van Bavel sal nie teen julle of teen hierdie land kom nie'?
- 20 Luister egter asseblief nou, my meester die koning; laat asseblief my versoek aanvaarbaar wees voor u en laat my nie teruggaan na die huis van Y'honatan, die skrywer, dat ek daar mag sterf nie."
- 21 Toe gee koning Tzidkiyahu bevel dat hulle Yirmeyahu in die hof van die waghuis moet hou en daagliks vir hom 'n brood uit die Bakkerstraat moet gee totdat al die brood in die stad op was. So het Yirmeyahu in die hof van die waghuis gebly.
- 38** 1 Sh'fatyah, die seun van Mattan; G'dalyahu, die seun van Pash'gur; Y'hukhal, die seun van Shelemyahu en Pash'gur, die seun van Malkiyah, het die woorde gehoor wat Yirmeyahu met die hele volk gepraat en gesê het:
- 2 "So sê יהוה: 'Hy wat in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard, die hongersnood en die pes, maar hy wat na die Kasdeërs toe uitgaan, sal lewe en sy eie lewe as buit hê en aan die lewe bly.'
- 3 So sê יהוה: 'Hierdie stad sal sekerlik oorgegee word in die hand van die leër van die koning van Bavel en hy sal dit inneem.'"
- 4 Toe het die amptenare vir die koning gesê: "Laat hierdie man doodgemaak word, want dit is hy wat die krygsmanne wat in hierdie stad oor is en die hele volk ontmoedig deur sulke woorde met hulle te praat, want dié man soek nie die welsyn van hierdie volk nie, maar hulle skade."
- 5 Koning Tzidkiyahu het gesê: "Let op, hy is in julle hande, want die koning kan niks teen julle doen nie."
- 6 Toe vat hulle vir Yirmeyahu en gooi hom in die put van Malkiyahu, die seun van die koning, wat in die hof van die waghuis was en hulle het Yirmeyahu met toue laat afsak. Nou, in die put was daar geen water nie, maar net modder en Yirmeyahu het in die modder ingesink, Kla 3:52-66

- 7 maar 'Eved-Melekh, die Kushiet, 'n kamerling, het terwyl hy in die paleis van die koning was, gehoor dat hulle Yirmeyahu in die put gesit het. Die koning het in die Binyaminspoort gesit
- 8 en 'Eved-Melekh het uit die paleis van die koning uitgegaan en met die koning gepraat en gesê:
- 9 “My meester die koning, hierdie manne het boos opgetree in alles wat hulle die profeet Yirmeyahu aangedoen het, wat hulle in die put gegooi het en hy sal net daar waar hy is sterf as gevolg van die hongersnood, want daar is geen brood meer in die stad nie.”
- 10 Toe beveel die koning vir 'Eved-Melekh, die Kushiet en sê: “Vat dertig manne hiervandaan onder jou outoriteit en trek die profeet Yirmeyahu uit die put uit op, voordat hy sterf.”
- 11 'Eved-Melekh het die manne onder sy outoriteit gevat en in die paleis van die koning ingegaan en van onder uit die stoorkamer verslete klere en geskeurde lappe gevat en dit na Yirmeyahu in die put met toue laat afsak.
- 12 Toe het 'Eved-Melekh, die Kushiet, vir Yirmeyahu gesê: “Sit nou die verslete klere en geskeurde lappe onder jou armholtes onder die toue” en Yirmeyahu het so gedoen.
- 13 Hulle het Yirmeyahu met die toue opgetrek en hom uit die put uitgelig en Yirmeyahu het in die hof van die waghuis gebly.
- 14 Toe stuur koning Tzidkiyahu en hy laat die profeet Yirmeyahu na hom toe bring by die derde ingang van die huis van יהוה en die koning het vir Yirmeyahu gesê: “Ek gaan vir jou iets vra; moet niks vir my wegsteek nie.”
- 15 Toe antwoord Yirmeyahu vir Tzidkiyahu: “As ek u vertel, let op, u sal my sekerlik laat doodmaak. In elk geval, as ek vir u raad gee, sal u nie na my luister nie.”
- 16 Koning Tzidkiyahu het egter in die geheim vir Yirmeyahu gesweer en gesê: “So waar as יהוה leef wat vir ons hierdie lewe gemaak het, ek sal jou sekerlik nie doodmaak of jou oorgee in die hand van hierdie manne wat jou lewe soek nie!”
- 17 Toe sê Yirmeyahu vir Tzidkiyahu: “So sê יהוה, die God van die leërmagte, die God van Yisra'el: ‘As u inderdaad sal uitgaan na die offisiere van die koning van Bavel, dan sal u leef, hierdie stad sal nie met vuur verbrand word nie en u en u huishouding sal oorleef,
- 18 maar as u nie uitgaan na die offisiere van die koning van Bavel nie, dan sal hierdie stad in die hand van die Kasdeërs oorgegee word en hulle sal dit met vuur verbrand en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie.’”
- 19 Toe sê koning Tzidkiyahu vir Yirmeyahu: “Ek is bang vir hulle van Y'udah wat na die Kasdeërs oorgeloop het, want hulle mag my aan hulle oorgee en hulle sal my beledig.”
- 20 Yirmeyahu antwoord egter: “Hulle sal u nie oorgee nie. Gehoorsaam יהוה asseblief in wat ek vir u sê sodat dit met u goed mag gaan en u sal leef,
- 21 maar as u aanhou weier om uit te gaan, is dit die woord wat יהוה vir my gewys het:

- 22 'Dan, let op, sal al die vroue wat in die paleis van die koning van Y'hudah oorgebly het, uitgelei word na die offisiere van die koning van Bavel en daardie vrouens sal sê: "U goeie vriende het u mislei en u oorweldig terwyl u voete in die slik weggesak het, het hulle teruggedraai."
- 23 Hulle sal ook al u vroue en u kinders na die Kasdeërs uitlei en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie, maar sal deur die hand van die koning van Bavel gevang word en hierdie stad sal met vuur verbrand word."
- 24 Toe sê Tzidkiyahu vir Yirmeyahu: "Laat niemand van hierdie woorde weet nie en jy sal nie sterf nie,
- 25 maar as die amptenare hoor dat ek met jou gepraat het en by jou kom en vir jou sê: 'Vertel ons nou wat jy vir die koning gesê het; moet dit nie vir ons wegsteek nie en ons sal jou nie doodmaak nie,'
- 26 dan moet jy hulle antwoord: 'Ek het my versoek voor die koning gebring dat hy my nie moet laat terugbring in die huis van Y'honatan, om daar te sterf nie.'"
- 27 Toe het al die amptenare by Yirmeyahu gekom en hom uitgevra en hy het aan hulle gerapporteer volgens al hierdie woorde wat die koning hom beveel het en hulle het opgehou om met hom te praat, aangesien die gesprek nie gehoor is nie.
- 28 Yirmeyahu het in die hof van die waghuis gebly tot op die dag dat Yerushalayim ingeneem is.

39 1 Toe Yerushalayim ingeneem is in die negende jaar van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, in die tiende maand, het N'vukadnetzar, die koning van Bavel, met sy hele leër na Yerushalayim gekom en dit beleër;

2 in die elfde jaar van Tzidkiyahu, in die vierde maand, op die negende van die maand, is in die stad ingebreek. ^{2 Kon 25:1-3}

3 Toe het al die amptenare van die koning van Bavel gekom en gaan sit by die Middelpoort: Nergal-Sar'etzer, Shamgar-N'vo, Sars'khim, die hoof kamerling, Nergal-Sar'etzer, die hoof waarsêer en al die ander amptenare van die koning van Bavel.

4 Toe Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en al die krygsmanne hulle sien, het hulle gevlug en in die nag uit die stad uitgegaan deur die koning se tuin, deur die poort tussen die twee mure en hy het uitgegaan in die rigting van die wildernis,

5 maar die leër van die Kasdeërs het hulle agternagejaag en Tzidkiyahu in die vlaktes van Yerigo ingehaal, hom gevang en hom na N'vukadnetzar, koning van Bavel gebring, by Rivlah in die land van Hamat en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.

6 Toe het die koning van Bavel die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë in Rivlah dood gemaak; die koning van Bavel het ook al die edeles van Y'hudah dood gemaak.

7 Hy het toe die oë van Tzidkiyahu laat verblind en hom met koper kettings geboei om hom na Bavel te bring. ^{2 Kon 25:4-7}

8 Die Kasdeërs het ook die paleis van die koning en die huise van die volk met vuur verbrand en die mure van Yerushalayim afgebreek. ^{Yir 32:29}

9 Wat betref die deel van die volk wat nog in die stad oorgebly het, die oorlopers wat na hom toe oorgeloop het en die deel van die volk wat nog oorgebly het; N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het hulle in ballingskap weggevoer na Bavel,

- 10 maar sommige van die armste mense wat niks gehad het nie, het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, in die land Y'hudah laat agterbly en vir hulle wingerde en landerye in dié tyd gegee.
- 11 N'vukadnetzar, koning van Bavel, het deur N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, aangaande Yirmeyahu beveel en gesê:
- 12 "Vat hom en kyk na hom en doen hom geen kwaad nie, maar doen vir hom soos hy vir jou sal sê."
- 13 N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, N'vusásban, die hoof kamerling en Nergal-Sar'etzer, die hoof waarsêer en al die hoof amptenare van die koning van Bavel, het gestuur
- 14 en Yirmeyahu uit die hof van die waghuis uitgehaal en hom toevertrou aan G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, om hom huis toe te bring. So het hy tussen die volk gebly.
- 15 Die woord van יהוה het tot Yirmeyahu gekom terwyl hy in die hof van die waghuis opgesluit was en gesê:
- 16 "Gaan praat met Eved-Melekh, die Kushiet en sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek is op die punt om My woorde oor hierdie stad ten rampe en nie ten voorspoed te bring nie en dit sal voor jou oë vervul word op dié dag,
- 17 maar Ek sal jou in dié dag bevry," verklaar יהוה "en jy sal nie oorgegee word in die hand van die manne vir wie jy bang is nie,
- 18 want Ek sal jou sekerlik red en jy sal nie deur die swaard val nie, maar jy sal jou eie lewe as buit hê omdat jy op My vertrou het," verklaar יהוה."
- 40** 1 Die woord wat van יהוה tot Yirmeyahu gekom het nadat N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, hom vrygelaat het uit Ramah, toe hy hom in kettings geboei tussen al die gevangenes van Yerushalayim en Y'hudah in ballingskap weggevoer het na Bavel.
- 2 Die bevelvoerder van die lyfwag het vir Yirmeyahu gevat en vir hom gesê: "יהוה, jou God, het hierdie katastrofe oor hierdie plek belowe
- 3 en יהוה het dit laat kom en gedoen net soos Hy belowe het omdat julle gesondig het teen יהוה en nie geluister het na Sy stem nie; daarom het dit oor julle gekom,
- 4 maar nou, let op, ek bevry jou vandag uit die kettings wat aan jou hande is. As jy verkies om saam met my na Bavel te gaan, kom en ek sal na jou kyk, maar as jy verkies om nie saam met my na Bavel te kom nie, maak nie saak nie. Kyk, die hele land is voor jou; gaan waar dit ook al goed en reg is in jou oë om te gaan."
- 5 Aangesien Yirmeyahu steeds nie teruggegaan het nie, sê hy: "Gaan dan terug na G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, wat die koning van Bavel oor die stede van Y'hudah aangestel het en bly by hom tussen die mense; of gaan andersins enige plek waar dit ook al reg is vir jou om te gaan." Die bevelvoerder van die lyfwag het vir hom padkos en 'n geskenk gegee en hom laat gaan.
- 6 Yirmeyahu het na Mitzpah, na G'dalyahu, die seun van Agikam, gegaan en by hom gebly tussen die volk wat in die land agtergebly het.

- 7 Al die bevelvoerders van die leërs wat in die veld was, hulle en hulle manne, het gehoor dat die koning van Bavel vir G'dalyahu, die seun van Agikam, oor die land aangestel het en dat hy hom in beheer geplaas het van die manne, vroue en kinders; die van die armste mense van die land wat nie in ballingskap weggevoer is na Bavel nie.
- 8 Hulle het na G'dalyahu toe gekom in Mitzpah, saam met Yishma'el, die seun van N'tanyahu, Yoganan en Y'honatan, die seuns van Kareag, S'rayah, die seun van Tangumet, die seuns van 'Efai, die N'tofatiet en Y'zanyahu, die seun van die Ma'akhatiet, hulle en hulle manskappe.
- 9 G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, het vir hulle en hulle manskappe gesweer en gesê: “Moenie bang wees om die Kasdeërs te dien nie; bly in die land en dien die koning van Bavel sodat dit met julle goed mag gaan.
- 10 Nou wat my betref, let op, ek gaan in Mitzpah bly om vir julle voor die Kasdeërs te staan wat na ons toe gekom het, maar wat julle aangaan, maak wyn, somervrugte en olie bymekaar en gooi dit in julle houters en bly in julle stede wat julle oorgeneem het.”
- 11 Net so het ook al die Y'udahiete wat in Mo'av, tussen die seuns van 'Ammon, in Edom en in al die lande was, gehoor dat die koning van Bavel vir Y'udah 'n oorblyfsel agtergelaat het en dat hy G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, oor hulle aangestel het.
- 12 Toe het al die Y'udahiete teruggekom vanaf al die plekke waarheen hulle verdryf is en na die land van Y'udah, na G'dalyahu, in Mitzpah gekom en hulle het groot hoeveelhede wyn en somervrugte bymekaargemaak.
- 13 Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat in die veld was, het na G'dalyahu, in Mitzpah, gekom
- 14 en vir hom gesê: “Is u wel bewus daarvan dat Ba'alis, koning van die seuns van 'Ammon, vir Yishma'el, die seun van N'tanyahu, gestuur het om u lewe te neem?” G'dalyahu, die seun van Agikam, het hulle egter nie geglo nie.
- 15 Toe het Yoganan, die seun van Kareag, in die geheim met G'dalyahu in Mitzpah gepraat en gesê: “Laat my gaan en Yishma'el, die seun van N'tanyahu, doodmaak en niemand sal weet nie. Hoekom sou hy u lewe neem sodat al die Y'udahiete wat by u versamel is, verstrooi word en die oorblyfsel van Y'udah tot niet gaan?”
- 16 G'dalyahu, die seun van Agikam, het egter vir Yoganan, die seun van Kareag gesê: “Moenie hierdie ding doen nie, want jy vertel 'n leuen oor Yishma'el.”
- 41** 1 In die sewende maand het Yishma'el, die seun van N'tanyahu, die seun van Elishama, uit die koninklike familie en die bevelvoerende offisiere van die koning en tien man saam met hom in Mitzpah, by G'dalyahu, die seun van Agikam, gekom. Terwyl hulle daar in Mitzpah saam brood geëet het,
- 2 het Yishma'el, die seun van N'tanyahu en die tien manne wat by hom was, opgestaan en vir G'dalyahu, die seun van Agikam, die seun van Shafan, met die swaard neergeslaan en die een doodgemaak wat die koning van Bavel oor die land aangestel het.

- 3 Yishma'el het ook almal van Y'hudah wat by hom, by G'dalyahu, in Mitzpah was en die Kasdeërs, die krygsmanne, wat daar te vinde was, doodgeslaan.
- 4 Dit het gebeur op die volgende dag nadat hy G'dalyahu doodgemaak het terwyl niemand dit geweet het nie,
- 5 dat daar tagtig manne vanaf Sh'khem, Shiloh en Shomron gekom het met afgeskeerde baard, geskeurde klere en gekerfde liggame, met graanoffers en wierook in hulle hande om dit na die huis van יהיהוה te bring.
- 6 Toe het Yishma'el, die seun van N'tanyahu, al huilende uit Mitzpah uitgegaan om hulle te ontmoet en toe hy hulle ontmoet, sê hy vir hulle: "Kom na G'dalyahu, die seun van Agikam!"
- 7 Tog het dit gebeur dat pas nadat hulle die stad ingekom het, Yishma'el, die seun van N'tanyahu en die manne wat by hom was, hulle doodgemaak en in die put gegooi het.
- 8 Onder hulle was daar egter tien man wat vir Yishma'el gesê het: "Moet ons nie doodmaak nie, want ons het gestoorde graan, koring, olie en heuning weggesteek in die veld." Hy het daarvan afgesien en hulle nie saam met hulle metgeselle doodgemaak nie.
- 9 Nou die put, waar Yishma'el al die lyke van die manne wat deur hom doodgemaak is, saam met G'dalyahu, ingegooi het, was dié een wat koning Asa gemaak het as gevolg van Ba'asha, koning van Yisra'el. Yishma'el, die seun van N'tanyahu, het dit volgemaak met die wat doodgeslaan is.
- 10 Toe het Yishma'el al die wat van die volk oorgebly het wat in Mitzpah was, as gevangenes weggevoer; die dogters van die koning en al die mense wat in Mitzpah oorgebly het, wat N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, onder G'dalyahu, die seun van Agikam, se bevel geplaas het; so het Yishma'el, die seun van N'tanyahu, hulle as gevangenes weggevoer en hy het aangegaan om oor te gaan na die seuns van 'Ammon.
- 11 Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat by hom was, het egter gehoor van al die boosheid wat Yishma'el, die seun van N'tanyahu, gedoen het.
- 12 Hulle het al die manne gevat en gegaan om teen Yishma'el, die seun van N'tanyahu, te veg en hulle het hom by die groot poel gekry wat by Giv'on is.
- 13 Nou, sodra al die mense wat by Yishma'el was, vir Yoganan, die seun van Kareag, gesien het saam met al die bevelvoerders van die leërs, was hulle bly.
- 14 Al die mense wat Yishma'el in Mitzpah gevange geneem het, het omgedraai en teruggekom na Yoganan, die seun van Kareag.
- 15 Yishma'el, die seun van N'tanyahu, het egter van Yoganan af ontsnap saam met agt man en na die seuns van 'Ammon gegaan.
- 16 Toe het Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat by hom was, al die mense uit Mitzpah (wat hulle teruggevat het van Yishma'el, die seun van N'tanyahu, nadat hy G'dalyahu, die seun van Agikam, doodgemaak het) wat oorgebly het, uitgehaal - die krygsmanne, vroue, kinders en hofdiensmaats, wat hy van Giv'on af teruggebring het.

17 Hulle het gegaan en in die blyplek van Kimham, wat naby Beit-Legem lê, gebly, om aan te gaan na Mitzrayim toe,

18 as gevolg van die Kasdeërs, want hulle was bang vir hulle omdat Yishma'el, die seun van N'tanyahu, vir G'dalyahu, die seun van Agikam, wat deur die koning van Bavel oor die land aangestel is, doodgemaak het.

42 1 Toe het al die bevelvoerders van die leërs nader gekom: Yoganan, die seun van Kareag, Y'zanyah, die seun van Hosha'yah en al die mense, klein en groot

2 en vir Yirmeyahu, die profeet, gesê: "Laat asseblief ons versoek voor u kom en bid tot יהוה, u God, vir ons, dit is, vir almal wat oorgebly het, want ons is maar 'n klein klompie oor uit baie, soos u eie oë ons nou sien,

3 dat יהוה, u God, ons mag vertel watter pad ons moet volg en wat ons moet doen."

4 Toe het Yirmeyahu, die profeet, hulle geantwoord: "Ek het julle gehoor. Let op, ek sal tot יהוה, julle God, bid volgens julle woorde en ek sal יהוה se volledige boodskap aan julle bekend maak; ek sal nie 'n woord van julle terughou nie."

5 Toe antwoord hulle vir Yirmeyahu: "Mag יהוה 'n waar en geloofwaardige getuie teen ons wees as ons nie handel volgens die hele boodskap waarmee יהוה, u God, u na ons toe sal stuur nie.

6 Of dit aangenaam of onaangenaam is, ons sal luister na die stem van יהוה, ons God, na Wie toe ons u stuur sodat dit met ons goed mag gaan wanneer ons luister na die stem van יהוה, ons God."

7 Aan die einde van tien dae het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom.

8 Hy het toe vir Yoganan, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs wat by hom was en al die mense, klein en groot, laat roep

9 en vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el, na Wie julle my gestuur het om julle versoek voor Hom te bring:

10 as julle inderdaad in hierdie land sal bly, dan sal Ek julle opbou en nie afbreek nie en julle plant en nie uitruk nie, want Ek sal bedaar oor die katastrofe wat Ek julle mee getref het.

11 Moenie bang wees vir die koning van Bavel vir wie julle vrees nie; moenie bang wees vir hom nie,' verklaar יהוה, 'want Ek is by julle om julle te red en julle te bevry uit sy hand.

12 Ek sal ook vir julle sagte goedheid bewys sodat hy sagte goedheid aan julle sal wys en julle tot julle eie land herstel.

13 As julle egter gaan sê: "Ons sal nie in hierdie land bly nie" en só nie luister na die stem van יהוה, julle God, nie

14 en sê: "Nee, maar ons sal na die land van Mitzrayim gaan waar ons geen oorlog sal sien of die geluid van 'n ramshoring sal hoor of honger na brood sal hê nie en ons sal daar bly;"

15 dan, in daardie geval, luister na die woord van יהוה, o wat oorbly van Y'udah! So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "As julle werklik julle gedagtes daarop sit om Mitzrayim binne te gaan om daar te gaan bly,

- 16 dan sal die swaard, waarvoor julle bang is, julle daar in die land van Mitzrayim inhaal en die hongersnood waarvoor julle bang is, sal kort na julle in Mitzrayim aankom en julle sal daar sterf.
- 17 Al die manne wat gedagtes gerig het om na Mitzrayim te gaan om daar te bly, sal deur die swaard, die hongersnood en die pes sterf en daar sal vir hulle niemand wees wat oorleef of ontvlug van die katastrofe wat Ek oor hulle sal bring nie,””
- 18 want so sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: “Soos My woede en My toorn uitgestort is oor die inwoners van Yerushalayim, so sal My toorn oor julle uitgestort word as julle Mitzrayim binnegaan en julle sal 'n vloek word, 'n voorwerp van verskrikking, van verwensing en van smaad en julle sal hierdie plek nie weer sien nie.”
- 19 יהוה het met julle, wat oorbly van Y'hudah, gepraat: “Moenie na Mitzrayim gaan nie!” Julle moet duidelik verstaan dat ek vandag teen julle getuig het,
- 20 want julle het julleself mislei, want dit is julle wat my na יהוה, julle God, gestuur en gesê het: “Bid tot יהוה, ons God, vir ons en wat ook al יהוה, ons God, sê, vertel dit vir ons en ons sal dit doen.”
- 21 So het ek dit vandag vir julle vertel, maar julle het יהוה, julle God, nie gehoorsaam, volgens wat Hy my ook al gestuur het om aan julle te vertel, nie;
- 22 daarom moet julle nou duidelik verstaan dat julle deur die swaard, die hongersnood en die pes sal sterf in die plek waar julle verkies om te gaan bly.

- 43** 1 Sodra Yirmeyahu, vir wie יהוה, hulle God, gestuur het, klaar was om al die woorde van יהוה, hulle God, aan hulle oor te dra; naamlik al hierdie woorde;
- 2 het 'Uziah, die seun van Hosha'yah, Yoganah, die seun van Kareag en al die arrogante manne vir Yirmeyahu gesê: “U vertel 'n leuen! יהוה, ons God, het u nie gestuur om te sê: ‘Julle mag Mitzrayim nie binnegaan om daar te bly nie.’
- 3 Barukh, die seun van Neriya, hits u egter teen ons op om ons oor te gee in die hand van die Kasdeërs sodat hulle ons kan doodmaak of ons in ballingskap na Babel kan vat.”
- 4 Yoganah, die seun van Kareag, al die bevelvoerders van die leërs en die hele volk het nie die stem van יהוה gehoorsaam om in die land van Y'hudah te bly nie,
- 5 maar Yoganah, die seun van Kareag en al die bevelvoerders van die leërs het almal wat oorgebly het van Y'hudah gevat, wat vanuit al die nasies waarheen hulle verdryf was, teruggekom het om in die land van Y'hudah te bly,
- 6 die manne, die vroue, die kinders, die dogters van die koning en al die mense wat N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, by G'dalyah, die seun van Agikam, die kleinseun van Shafan, gelos het saam met Yirmeyahu, die profeet en Barukh, die seun van Neriya
- 7 en hulle het die land van Mitzrayim binnegegaan, want hulle het nie die stem van יהוה gehoorsaam nie en ingegaan so ver as Tagpanges.
- 8 Toe het die woord van יהוה tot Yirmeyahu gekom in Tagpanges en gesê:
- 9 “Vat groot klippe in jou hand en begrawe hulle in die klei in die steen vierkant wat by die ingang van Farao se paleis in Tagpanges is, voor die oë van sommige van die Y'hudahiete

- 10 en sê vir hulle: ‘So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: “Let op, Ek stuur en laat N’vukadnetzar, koning van Bavel, My kneg, haal en Ek sal sy troon opstel bo-op hierdie klippe wat Ek begrawe het en hy sal sy skadutent daaroor uitspan.
- 11 Hy sal ook kom en die land van Mitzrayim slaan; die wat vir die dood bedoel is, sal oorgegee word aan die dood en wie vir gevangenskap, aan die gevangenskap en wie vir die swaard, aan die swaard!
- 12 Ek sal ’n vuur aansteek in die tempels van die gode van Mitzrayim en hy sal hulle verbrand en hulle gevange neem. So sal hy hom toevou in die land van Mitzrayim soos ’n herder hom toevou in sy kleeed en hy sal daarvandaan veilig wegtrek.
- 13 Hy sal ook die klippilare van die huis van die son (Heliopolis), wat in Mitzrayim is, vergruis en die tempels van die gode van Mitzrayim sal hy met vuur verbrand.””
- 44** 1 Die woord wat tot Yirmeyahu gekom het, vir al die Y’hudahiete wat in die land van Mitzrayim gebly het; die wat in Migdol, in Tagpanges, in Nof (Memfis) en in die land van Patros gebly het en hy het gesê:
- 2 “So sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: ‘Julle het self al die katastrofes gesien wat Ek oor Yerushalayim en oor al die stede van Y’hudah gebring het en let op, vandag is hulle in puin en niemand bly in hulle nie;
- 3 weens hulle boosheid wat hulle gedoen het, om My te tart tot woede deur aan te hou om offers te brand en ander gode te dien wat hulle nie geken het nie; nie hulle, julle of julle vaders nie.
- 4 Tog het Ek al My diensknegte, die profete, weer en weer na julle toe gestuur om te sê: “O, moenie hierdie verwerplike ding doen wat Ek haat nie.”
- 5 Hulle het egter nie geluister of hulle oor gedraai om weg te draai van hul boosheid, om nie tot ander gode te offer nie;
- 6 daarom is My toorn en My woede uitgestort en het dit gebrand in die stede van Y’hudah en op die strate van Yerushalayim sodat hulle ’n puinhoop en ’n verlatenheid geword het soos dit vandag is.
- 7 Nou dan, so sê יהוה, God van die leërmagte, die God van Yisra’el: “Waarom berokken julle skade vir juisself, om man en vrou, kind en suigeling uit Y’hudah af te sny en vir julle niemand te laat oorbly nie
- 8 deurdát julle My tart met die werke van julle hande, om vir ander gode offers te brand in die land van Mitzrayim waar julle ingaan om te bly sodat julle afgesny mag word en ’n vervloeking en smaad onder al die nasies van die aarde word?
- 9 Het julle die booshede van julle vaders, die booshede van die konings van Y’hudah, die booshede van hulle vroue, julle eie booshede en die booshede van julle vroue vergeet wat hulle gepleeg het in die land van Y’hudah en op die strate van Yerushalayim?
- 10 Hulle het egter tot vandag toe nie berouvol geword nie en ook nie gevrees nie, of in My wet en in My instellings geloop, wat Ek voor julle en jul vaders gestel het nie;”
- 11 daarom, so sê יהוה-Tzva’ot, die God van Yisra’el: ‘Let op, Ek gaan My gesig teen julle stel tot smart, selfs om die hele Y’hudah af te sny

- 12 en Ek sal die wat oorgebly het van Y'hudah wegvat, die wat hulle gedagtes daarop gestel het om Mitzrayim binne te gaan om daar te bly en hulle sal almal hulle einde sien in Mitzrayim; hulle sal deur die swaard val en deur hongersnood hulle einde sien. Beide groot en klein sal deur die swaard en die hongersnood sterf en hulle sal 'n vloek, 'n voorwerp van afgryse, van verwensing en van verwytd word.
- 13 Ek sal die wat in die land van Mitzrayim bly, straf, soos wat Ek Yerushalayim gestraf het, deur die swaard, die hongersnood en die pes.
- 14 Daar sal geen oorlewendes of vlugteling wees vir die wat oorbly van Y'hudah wat in die land van Mitzrayim gekom het om daar te bly en dan terug te gaan na die land van Y'hudah waarheen hulle verlang om na terug te gaan en te bly nie, want niemand sal teruggaan behalwe 'n paar vlugteling nie.”
- 15 Toe het al die manne wat geweet het dat hulle vroue vir ander gode offers brand, saam met al die vroue wat daar staan, 'n groot menigte, insluitend al die mense wat in Patros, in die land van Mitzrayim, gebly het, Yirmeyahu geantwoord en gesê:
- 16 “Wat die boodskap betref wat u vir ons in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה verkondig het: ons gaan nie na u luister nie,
- 17 maar ons sal sekerlik elke woord doen wat uit ons mond uitgegaan het, deur offers te brand aan die koningin van die hemel en vir haar drankoffers uit te giet net soos ons self, ons voorvaders, ons konings en ons prinse in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim gedoen het, want toe het ons baie brood gehad en was goed daaraan toe en ons het geen teëspoed gesien nie,
- 18 maar vandat ons opgehou het om vir die koningin van die hemel offers te brand en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons ons einde teëgekom deur die swaard en die hongersnood.
- 19 Toe ons vir die koningin van die hemel offers gebrand en drankoffers uitgegiet het, was dit sonder ons mans dat ons vir haar koeke gemaak het na haar beeld en drankoffers vir haar uitgegiet het?”
- 20 Toe het Yirmeyahu met al die mense gepraat, met die manne en die vroue, met die hele volk wat hom so 'n antwoord gegee het en gesê:
- 21 “Wat die rokende offers betref wat julle in die stede van Y'hudah en op die strate van Yerushalayim gebrand het, julle en julle voorvaders, julle konings en julle prinse en die volk van die land, het יהוה hulle nie onthou en het dit nie alles in Sy gedagtes opgekom nie?
- 22 יהוה was nie langer in staat om dit uit te hou nie, weens die boosheid van julle dade, weens die verwerplikhede wat julle gedoen het; dus het julle land 'n puinhoop geword en 'n voorwerp van verskrikking en 'n vervloeking, sonder inwoners, soos dit vandag is.
- 23 Omdat julle offers gebrand het en teen יהוה gesondig het en nie die stem van יהוה gehoorsaam het of in Sy wet, Sy instellings en Sy getuïenisse geleef het nie; daarom het hierdie katastrofe oor julle gekom, soos dit vandag is.”
- 24 Toe het Yirmeyahu vir die hele volk, insluitend die vroue, gesê: “Hoor en doen die woord van יהוה, die hele Y'hudah wat in die land van Mitzrayim is!

- 25 So sê יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, as volg: 'Julle en julle vroue het met julle monde gepraat en dit met julle hande uitgevoer en gesê: "Ons sal ons geloftes wat ons gedoen het, sekerlik uitvoer, om offers te brand vir die koningin van die hemel en vir haar drankoffers uit te giet." Gaan voort en bevestig julle geloftes; sekerlik, hou julle geloftes!'
- 26 Nogtans, hoor die woord van יהוה, die hele Y'hudah wat in die land van Mitzrayim bly: 'Let op, Ek het by My groot Naam (Karakter en Outoriteit) gesweer,' sê יהוה: 'Nooit sal My Naam (Karakter en Outoriteit) weer aangeroep word deur die mond van enige man van Y'hudah in die hele land van Mitzrayim nie, met die woorde: "So waar as יהוה-God leef!"'
- 27 Let op, Ek hou wag oor hulle ten kwade en nie ten goede nie en al die manne van Y'hudah wat in die land van Mitzrayim is, sal hulle einde vind deur die swaard en die hongersnood totdat hulle volkome vernietig is.
- 28 Die wat die swaard ontsnap, sal uit Mitzrayim terugkom na die land van Y'hudah, min in getal. Dan sal almal wat oorgebly het van Y'hudah wat na Mitzrayim gegaan het om daar te bly, weet wie se woord staande sal bly, Myne of hulle s'n.
- 29 Dit sal vir julle die teken wees,' verklaar יהוה, 'dat Ek julle in hierdie plek gaan straf sodat julle kan weet dat My woorde sekerlik teen julle sal staan ten kwade.'
- 30 So sê יהוה: 'Let op, Ek gaan vir Farao Hofra (N'khoh II), koning van Mitzrayim, in die hand van sy vyande en in die hand van die wat sy lewe soek, oorgee soos wat Ek vir Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, oorgegee het in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel, sy vyand, wat sy lewe gesoek het.'"

45 1 Die boodskap wat Yirmeyahu, die profeet, aan Barukh, die seun van Neriya, oorgedra het toe hy hierdie woorde uit die mond van Yirmeyahu in 'n boek geskrywe het, in die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:

- 2 "So sê יהוה, die God van Yisra'el, aangaande jou, Barukh:
- 3 'Jy sê: "Wee my nou, want יהוה het smart by my pyn bygesit; ek is moeg van my gekreun en het geen rus gevind nie!"'
- 4 So moet jy vir hom sê: 'So sê יהוה: "Let op, wat Ek gebou het, is Ek op die punt om af te breek en wat Ek geplant het, is Ek op die punt om te ontwortel, dit is, die hele land.
- 5 Jy egter, soek jy groot dinge vir jouself? Moet dit nie soek nie, want let op, Ek gaan rampe oor alle vlees bring," verklaar יהוה; "maar Ek sal jou lewe vir jou as buit gee in al die plekke waarheen jy mag gaan."'

46 1 Dit wat as die woord van יהוה tot Yirmeyahu, die profeet, gekom het aangaande die nasies.

- 2 Tot Mitzrayim: aangaande die leer van Farao N'khoh, koning van Mitzrayim, wat by die Eufraatrivier by Kark'mish was, wat deur N'vukadnetzar, koning van Bavel, verslaan is in die vierde jaar van Y'hoyakim, die seun van Yoshiyahu, koning van Y'hudah:
- 3 "Hou die groot en die klein skild gereed en gaan nader vir die geveg!

- 4 Span die perde in, klim op die strydros en neem jou stand met helms op! Politoer die spiese, trek die pantsers aan
- 5 omdat Ek hulle verslane, terugvallend gesien het en hulle magtige manne is verslaan en het skuiling gesoek in vlug, sonder om om te draai, want hulle was omsingel,” verklaar יהוה.
- 6 “Laat die vinnige man nie vlug nie en die magtige man nie ontsnap nie; in die noorde, langs die Eufraatrivier, het hulle gestruikel en geval.
- 7 Wie is dit wat daar oprys soos die Nyl, soos die riviere wat se waters heen en weer gaan?
- 8 Mitzrayim rys op soos die Nyl, soos die riviere wat se waters heen en weer gaan en hy het gesê: ‘Ek sal opstaan en die aarde bedek; ek sal sekerlik die stad en sy inwoners vernietig.’
- 9 Gaan op, julle perde en ry wild, julle strydwaens sodat die magtige manne vorentoe kan marsjeer: Kush en Put, wat die skild hanteer en die Luidete wat die boog hanteer en span,
- 10 want daardie dag behoort aan יהוה, God van die leërmagte, ’n dag van wraak, om Homself te wreek op Sy vyande en die swaard sal verslind en versadig wees en hom vol drink aan hulle bloed, want daar sal ’n slagting wees vir יהוה, God van die leërmagte, in die land van die Noorde by die Eufraatrivier. ^{2 Kef 3:10-12; Open 6:17}
- 11 Gaan op na Gil’ad en kry balsem, o maagdelike dogter van Mitzrayim! Tevergeefs sal jy baie medisyne gebruik; daar is geen genesing vir jou nie.
- 12 Die nasies het van jou skande gehoor en die aarde is vol van jou uitroep, want een soldaat het gestruikel oor ’n ander en hulle het altwee saam geval.”
- 13 Die boodskap wat יהוה vir Yirmeyahu, die profeet, gegee het aangaande die koms van N’vukadnetzar, koning van Babel, om die land van Mitzrayim te vernietig:
- 14 “Verklaar in Mitzrayim en verkondig in Migdol; verkondig ook in Memfis (Nof) en in Tagpanges. Sê: ‘Neem jou stand en kry jouself reg, want die swaard het die wat rondom jou is verslind.’
- 15 Hoekom is jou magtiges plat op die grond? Hulle staan nie omdat יהוה hulle neergegooi het.
- 16 Hulle het aanhoudend gestruikel, inderdaad, hulle het een teen die ander geval. Toe het hulle gesê: ‘Staan op en laat ons teruggaan na ons eie mense en na ons geboorteland, weg van die swaard van die onderdrukker.’
- 17 Hulle het daar uitgeroep: ‘Farao, koning van Mitzrayim, is net ’n groot geraas; hy het die aangestelde tyd laat verbygaan!’
- 18 So waar as wat Ek leef,” verklaar die Koning, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) יהוה-Tzva’ot is, “daar sal sekerlik een kom wat soos Tavor onder die berge is en soos Karmel by die see.
- 19 Maak jou bagasie gereed vir ballingskap, o dogter wat in Mitzrayim bly, want Memfis (Nof) sal ’n verlatenheid word; dit sal selfs afgebrand word en ontnem wees van inwoners.
- 20 Mitzrayim is ’n pragtige vers; ’n steekvlieg kom egter vanaf die noorde; dit kom!

- 21 Ook haar huurtroep in haar midde is soos vetgemaakte kalwers, want selfs hulle het ook omgedraai en saam gevlug; hulle het nie vas bly staan nie, want die dag van hulle katastrofe het oor hulle gekom, die tyd van hulle straf.
- 22 Sy geluid het voortbeweeg soos die van 'n slang, want hulle het aanbeweeg soos 'n leëmag en kom na hom toe as houtkappers met byle.
- 23 Hulle kap haar bos om," verklaar יְהוָה; "dit sal sekerlik nie gevind word nie, alhoewel hulle nou meer is as sprinkane en sonder getal.
- 24 Die dogter van Mitzrayim is tot skande gemaak; oorgegee aan die krag van die volk uit die noorde."
- 25 יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el, sê: "Let op, Ek gaan die menigtes van No (Thebes), Farao en Mitzrayim saam met sy gode en sy konings, selfs Farao en die wat op hom vertrou, straf.
- 26 Ek sal hulle oorgee aan die krag van die wat hulle lewe seek en in die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel en in die hand van sy amptenare. Daarna egter, sal dit bewoon word soos in die ou dae," verklaar יְהוָה.
- 27 Wat jou egter betref, o Ya'akov My dienskneg, moenie vrees of ontsteld wees nie, o Yisra'el, want kyk, Ek gaan jou red van ver af en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap en Ya'akov sal teruggaan en onversteurd en veilig wees, met niemand wat hom laat bewe nie.
- 28 O, Ya'akov, My dienskneg, moenie vrees nie," verklaar יְהוָה, "want Ek is by jou, want Ek sal 'n volledige einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verdryf het; tog sal Ek nie 'n volledige einde aan jou maak nie, maar Ek sal jou behoorlik tugtig en jou geensins ongestraf laat bly nie."

47 ¹ Dit wat as die woord van יְהוָה tot Yirmeyahu, die profeet, gekom het aangaande die F'lishtyne, voordat Farao vir 'Azah ingeneem het.

- 2 So sê יְהוָה: "Let op, waters gaan oprys uit die noorde, 'n oorlopende stroom word en die land en alles wat daarin is, oorstrom; die stad en die wat daarin woon. Dan sal die mense uitroep en al die inwoners van die land sal huil.
- 3 As gevolg van die galoppende pote van sy perde, die geraas van sy strydwaens en die gedreun van sy wiele, het die vaders nie teruggedraai vir die seuns nie, weens die slapheid van hulle hande.
- 4 Die dag het gekom om al die F'lishtyne te vernietig, om van Tzor en Tzidon die laaste bondgenoot af te sny, want יְהוָה gaan die F'lishtyne vernietig, die wat oorbly in die kusland van Kaftor.
- 5 'n Kaalte het op 'Azah gekom; Ashkelon is vernietig. O, die wat oorbly van die vallei, hoe lank sal jy jouself stukkend kerf?
- 6 Ag, swaard van יְהוָה, hoe lank sal dit wees voordat jy stil is? Trek terug in jou skede, rus en wees stil.
- 7 Hoe kan dit stil wees wanneer יְהוָה aan dit 'n bevel gegee het teen Ashkelon en teen die seekus, want teen hierdie plekke het Hy straf aangewys."

48 ¹ Aangaande Mo'av: so sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Wee N'vo, want dit is vernietig; Kiryatayim is tot skaamte gemaak, dit is ingeneem; die verhewe vesting is tot skaamte gemaak en in stukkies. ^{Yeg 25:8-11}

- 2 Daar is geen lofprijsing meer vir Mo'av nie; in Heshbon het hulle katastrofe teen haar beplan: 'Kom laat ons haar afsny sodat sy geen nasie meer is nie.' Ook jy, Madmein, sal stil gemaak word, die swaard sal jou agtervolg.
- 3 Die geklank van 'n uitroep uit Horonayim: 'Vernietiging en groot verwoesting!'
- 4 Mo'av is verbreek; haar kleintjies het hulle laat hoor,
- 5 want by die opdraand na Lugit sal hulle opgaan met aanhoudende gehuil, want by die afgaan van Horonayim het hulle die anskreite van vernietiging gehoor.
- 6 Flug, red julle lewe dat jy kan wees soos 'n jenerwerstruik in die wildernis,
- 7 want as gevolg van jou vertroue in jou eie prestasies en skatte, sal ook jy ingeneem word en K'mosh sal uitgaan in ballingskap met sy priesters en sy prinse.
- 8 'n Verwoester sal kom na elke stad sodat geen stad sal vry raak nie en die valleie sal ook verwoes word en die plato sal vernietig word," soos יהוה gesê het.
- 9 "Gee vlerke vir Mo'av, want sy sal wegvlieg en haar stede sal 'n verlatenheid word, sonder inwoners in hulle.
- 10 Vervloek is die een wat יהוה se werk misleidend doen en vervloek is die een wat sy swaard terughou van bloed! ^{Open 19:15,21}
- 11 Mo'av was gemaklik van sy jeug af en was ook onversteurd op sy afsaksel en is nie leeggemaak van vat na vat nie en ook is hy nooit in ballingskap weg nie; daarom behou hy sy smaak en sy geur het nie verander nie;
- 12 daarom, let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "dat Ek die wat aftap na hom toe sal stuur en hulle sal hom aftap en sy vate leegmaak en sy kruike stukkend slaan.
- 13 Mo'av sal skaam wees vir K'mosh, soos die huis van Yisra'el skaam was vir Beit-El, waarop hulle vertrou het.
- 14 Hoe kan julle sê: 'Ons is magtige soldate en manne dapper om te veg?'
- 15 Mo'av is vernietig en hulle het opgegaan in sy stede; sy beste jongmanne het afgegaan na die slagting," verklaar die Koning, Wie se Naam יהוה-Tzva'ot is.
- 16 "Die ramp van Mo'av sal gou kom en sy katastrofe is vinnig verhaas.
- 17 Rou vir hom, almal wat rondom hom is en almal wat sy naam ken! Sê: 'Hoe is die magtige septer gebreek, die staf van prag en praal!'
- 18 Kom af uit jou lof en eer en sit op die geskroeide grond, o dogter wat in Divon bly, want die verwoester van Mo'av het teen jou opgekom, hy het jou vestings verwoes.
- 19 Staar by die pad en hou wag, o inwoner van 'Aro'er! Vra vir hom wat vlug en vir haar wat ontsnap; sê: 'Wat het gebeur?'
- 20 Mo'av is tot skaamte gemaak, want hy is in stukkies. Huil en roep uit, verkondig dit by die Arnon dat Mo'av vernietig is!
- 21 Oordeel het ook gekom op die vlakke, oor Holon, Yagtzah en teen Mefa'at,
- 22 teen Divon, N'vo en Beit-Divlatayim,
- 23 teen Kiryatayim, Beit-Gamul en Beit-M'on,
- 24 teen K'riot, Botzrah en al die stede van die land van Mo'av, ver en naby.
- 25 Die horing van Mo'av is afgekap en sy arm gebreek," verklaar יהוה.
- 26 "Maak hom dronk, sodat Mo'av rondrol in sy uitbraaksel en ook 'n bespotting word, want hy het arrogant geword teen יהוה.
- 27 Nou, was Yisra'el nie vir jou 'n bespotting nie? Of is hy tussen die diewe betrap? Want elke keer as jy van hom praat, skud jy jou kop in minagting.

- 28 Verlaat die stede en gaan bly in die skeure, o inwoners van Mo'av! Wees soos 'n duif wat sy nes maak oorkant die opening van die afgrond.
- 29 Ons het van die trots van Mo'av gehoor; hy is baie trots; van sy hoogmoedigheid, sy trots, sy arrogansie en sy selfverhoging.
- 30 Ek ken sy toorn," verklaar יְהוָה, "maar dit is tevergeefs; sy leë grootpraterij het niks bereik nie;
- 31 daarom, huil oor Mo'av, oor die hele Mo'av vanaf elke plek; treur oor die manne van Kir-Heres.
- 32 Meer as die gehuil vir Ya'zer sal Ek oor jou huil, o wingerd van Sebmah! Jou ranke het oor die see gestrek, hulle het tot by die see van Ya'zer gekom; die verwoester het jou somervrugte en jou druiwe-oes oorval. ^{Yes 16:9,11}
- 33 Vreugde en blydschap is weggevat uit die vrugbare veld, uit die land van Mo'av en Ek het die wyn uit die parskuipe laat opraak; niemand sal hulle trap met uitroep nie; die uitroep sal nie uitroep van vreugde wees nie.
- 34 Vanaf die uitroep by Heshbon tot by El'aleh, tot by Yahatz het hulle hul stem opgelig; vanaf Tzo'ar tot by Horonayim en Eglat-Shlishiyah, want selfs die waters van Nimrim sal 'n verlatenheid word.
- 35 Ek sal in Mo'av 'n einde maak," verklaar יְהוָה, "aan die een wat op die hoë plekke offer en wierook brand vir sy gode;
- 36 daarom huil My binneste oor Mo'av soos fluite; My binneste huil ook oor die manne van Kir-Heres soos fluite; daarom het hulle die oorfloed wat dit voortbring verloor, ^{Yes 16:11}
- 37 want elke kop is kaal en elke baard is kort geskeer; daar is snye op al die hande en rouklere om die heupe. ^{Yes 15:2-3}
- 38 Op al die dakke van Mo'av en oral in sy strate is rouklag, want Ek het Mo'av stukkend gebreek soos 'n onbegeerlike houer," verklaar יְהוָה.
- 39 "Hoe stukkend gebreek is dit! Hulle het gehuil. Hoe het Mo'av sy rug gedraai; hy is skaam! So sal Mo'av vir almal wat rondom hom is, 'n bespotting en 'n voorwerp van verskrikking word,"
- 40 want so sê יְהוָה: "Let op, een sal vlieg soos 'n arend en sy vlerke teen Mo'av uitsprei.
- 41 Die stede is ingeneem en die vestings is verower; so sal die binneste van die magtige manne van Mo'av op dié dag wees soos die binneste van 'n vrou in kraam.
- 42 Mo'av sal vernietig word sodat hy geen volk meer is nie omdat hy arrogant geword het teen יְהוָה.
- 43 Verskrikking, die put en die strik kom oor jou, o inwoner van Mo'av," verklaar יְהוָה.
- 44 "Die een wat vlug vir die verskrikking sal in die put val en hy wat opklim uit die put uit, sal gevang word in die strik, want Ek sal oor haar, oor Mo'av, die jaar van hulle straf bring," verklaar יְהוָה.
- 45 "In die skadu van Heshbon staan die vlugteling sonder krag, want 'n vuur het uitgegaan uit Heshbon en 'n vlam vanuit Sigon en dit het die voorkop van Mo'av en die skedel van die oproermakers verteer.

46 Wee jou, Mo'av! Die mense van K'mosh is dood, want jou seuns is weggevat as gevangenes en jou dogters in gevangenskap.

47 Tog sal Ek die welstand van Mo'av in die laaste dae herstel," verklaar יהוה. Tot sover die oordeel oor Mo'av.

49 1 Aangaande die seuns van 'Ammon: so sê יהוה: "Het Yisra'el geen seuns nie? Of het hy geen erfgenaam nie? Waarom het Malkam dan besit geneem van Gad en het sy mense in sy stede gaan bly?

2 Let daarom op," verklaar יהוה, "daar kom dae dat Ek 'n ramshoringeskal van oorlog sal laat hoor teen Rabbah van die seuns van 'Ammon en dit sal 'n verlate puinhoop word en haar dorpe sal aan die brand gestee word; dan sal Yisra'el besit neem van sy besitters," sê יהוה. ^{Yes 11:14}

3 "Huil, o Heshbon, want 'Ai is vernietig; roep uit, o dogters van Rabbah! Omgord julle met rouklere, weeklaag en haas jou heen en weer binne die mure, want Malkam sal in ballingskap gaan, saam met sy priesters en sy prinse.

4 Hoekom roem jy op jou valleie en jou breë vlaktes, o afvallige dogter, wat in haar skatte vertrou en sê: 'Wie sal teen my kom?'

5 Let op, Ek gaan ang oor jou bring," verklaar יהוה, God van die leërmagte; "van reg rondom jou en elkeen van julle sal reguit vorentoe uitgedryf word, met niemand om die vlugteling bymekaar te maak nie;

6 daarna sal Ek egter die welsyn van die seuns van 'Ammon herstel," verklaar יהוה.

7 Aangaande Edom: so sê יהוה-Tzva'ot: "Is daar geen wysheid meer in Teman nie? Ontbreek goeie raad by die verstandiges? Is hulle wysheid vervalle?

8 Flug, draai terug, skuil in die dieptes, o inwoners van D'dan, want Ek sal die rampe van 'Esav oor hom bring, op die tyd dat Ek hom straf.

9 As druiwesnyers na jou toe kom, sal hulle nie 'n na-oes laat oorbly nie? As diewe in die nag kom, sal hulle net vernietig totdat hulle genoeg gehad het? ^{Yeg 25:12-14; 'Ova 1:5}

10 Ek het 'Esav egter kaal afgestroop, Ek het sy skuilplekke oopgemaak sodat hy hom nie kan wegsteek nie; sy nageslag is verwoes saam met sy familie en sy bure en hy is nie meer nie.

11 Laat jou weeskinders agterbly, Ék sal hulle aan die lewe hou en laat jou weduwees in My vertrou," ^{1 Tim 5:5}

12 want so sê יהוה: "Let op, hulle wat nie veroordeel is om die beker te drink nie, sal dit sekerlik drink en is jy die een wat heeltemal vrygeskeld moet word? Jy sal nie vrygeskeld word nie, maar jy sal dit sekerlik drink,

13 want Ek het by Myself gesweer," verklaar יהוה, "dat Botzrah 'n voorwerp van verskrikking, van verwyd, 'n verwoesting en 'n vervloeking sal word en al sy stede sal ewige puinhoop wees."

14 Ek het 'n boodskap van יהוה gehoor en 'n afvaardiging word onder die nasies gestuur om te sê: "Maak julleself bymekaar, kom teen haar aan en staan op vir die geveg,

15 want let op, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, verag onder die mense.

- 16 Wat jou verskrikking betref, die arrogansie van jou verstand, wil en emosie het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsskeure, wat die top van die heuwel beset! Al maak jy jou nes so hoog soos die arend s'n, sal Ek jou daarvandaan afbring," verklaar יְהוָה. ^{׳Ova 1:3}
- 17 "Edom sal 'n voorwerp van verskrikking word; elkeen wat by hom verbygaan, sal geskok wees en spot met al sy wonde.
- 18 Soos die omverwerping van S'dom en 'Amorah, saam met hulle bure," sê יְהוָה, "sal niemand daar bly en geen seun van 'n mens daarin oorbly nie.
- 19 Let op, een sal soos 'n leeu uit die ruigtes van die Yarden opkom teen die standhoudend natgemaakte weiding, want in 'n oomblik sal Ek hom daarvan laat weghardloop en wie ook al gekies is, sal Ek daaroor aanstel, want wie is soos Ek en wie sal My dagvaar; wie is dan die herder wat teen My kan staan?"
- 20 Hoor en luister daarom na die plan van יְהוָה wat Hy teen Edom beplan het en Sy doelwitte wat Hy bedoel het teen die inwoners van Teman: waarlik, hulle sal die kleinstes van die kudde wegsleep; sekerlik sal Hy hulle weiveld 'n woesteny maak as gevolg van hulle.
- 21 Die aarde het geskud van die geluid van hulle val. Daar is 'n uitroep! Die klank daarvan word by die Sufsee gehoor.
- 22 Let op, Hy sal opstyg en sweef soos 'n arend en Sy vlerke teen Botzrah uitsprei en die binneste van die magtige manne van Edom sal op dié dag wees soos die binneste van 'n vrou in kraam.
- 23 Aangaande Dammesek: "Hamat en Arpad word tot skande gemaak, want hulle het slegte nuus gehoor; hulle is mismoeëdig. Daar is benoudheid by die see, dit kan nie gekalmeer word nie.
- 24 Dammesek het hulpeloos geword, sy het omgedraai om te vlug en paniek het haar aangegryp; benoudheid en steekpyne het haar aangegryp soos 'n vrou wat geboorte gee.
- 25 Hoe is die stad van lofprysing nie verlaat nie, die dorp van My vreugde!
- 26 Haar jongmanne sal daarom val in haar strate en al die krygsmanne sal in daardie dag stil gemaak word," verklaar יְהוָה-Tzva'ot.
- 27 "Ek sal die muur van Dammesek aan die brand steek en dit sal die versterkte torings van Ben-Hadad verteer."
- 28 Aangaande Kedar en die koninkryke van Hatzor wat deur N'vukadnetzar, koning van Bavel, verslaan is: so sê יְהוָה: "Staan op, gaan op teen Kedar en wis die manne van die Ooste uit.
- 29 Hulle sal hulle tente en kleinvee wegvat; hulle sal vir hulleself hul tentdoeke, al hulle besittings en hulle kamele wegdra en hulle sal uitroep na mekaar: 'Verskrikking aan elke kant!'
- 30 Hardloop weg, vlug! Skuil in die dieptes, o inwoners van Hatzor," verklaar יְהוָה; "want N'vukadnetzar, koning van Bavel, het 'n plan teen julle gemaak en 'n komplot teen julle uitgewerk.
- 31 Staan op, gaan op teen 'n nasie wat ontspanne is, wat veilig bly," verklaar יְהוָה, "dit het geen poorte of grendels nie; hulle bly alleen;

- 32 die wat hulle hare aan die rand afskeer. Hulle kamele sal plunder word en hulle menigte beeste 'n buit en Ek sal hulle verstrooi na al die windstreke en Ek sal hulle rampe van alle kante af bring,” verklaar יְהוָה.
- 33 “Hatzor sal 'n lêplek van jakkalse word, 'n verlatenheid vir ewig; niemand sal daar bly nie en geen seun van 'n mens sal ook daarin oorbly nie.”
- 34 Dit wat as die woord van יְהוָה tot Yirmeyahu, die profeet, gekom het aangaande 'Eilam, aan die begin van die regering van Tzidkiyahu, koning van Y'hudah en gesê het:
- 35 “So sê יְהוָה-Tzva'ot: ‘Let op, Ek gaan die boog van 'Eilam verbreek, die keur van hulle mag.
- 36 Ek sal die vier winde uit die vier hoeke van die hemel oor 'Eilam bring en sal hulle na al hierdie windstreke verstrooi en daar sal geen nasie wees waarheen die uitgeworpenes van 'Eilam nie sal gaan nie.
- 37 So sal Ek 'Eilam stukkend slaan voor hulle vyande en voor dié wat hulle lewe soek en Ek sal 'n katastrofe oor hulle bring, die erns van My woede,’ verklaar יְהוָה; ‘en Ek sal die swaard agter hulle aanstuur totdat Ek hulle verteer het.
- 38 Dan sal Ek My troon in 'Eilam vestig en koning en prinse daaruit vernietig,’ verklaar יְהוָה,
- 39 ‘maar dit sal gebeur in die laaste dae dat Ek die welstand van 'Eilam sal herstel,” verklaar יְהוָה.

50 1 Die woord wat יְהוָה gepraat het aangaande Bavel, die land van die Kasdeërs, deur Yirmeyahu, die profeet:

- 2 “Verklaar en verkondig onder die nasies, verkondig dit en lig 'n banier op. Moet dit nie wegsteek nie, maar sê: ‘Bavel is ingeneem, Bel is tot skande gemaak, M'rodakh is stukkend, haar beelde staan beskaamd, haar afgode is stukkend,’
- 3 want 'n nasie het teen haar aangekom van die noorde af; dit sal haar land 'n voorwerp van verskrikking maak en daar sal geen inwoner in wees nie; beide mens en dier het weggeloop, hulle het weggegaan!
- 4 In daardie dae en in daardie tyd,” verklaar יְהוָה, “sal die seuns van Yisra'el kom, hulle en ook die seuns van Y'hudah; hulle sal al huilende gaan en dit sal יְהוָה, hulle God, wees waarna hulle sal soek.
- 5 Hulle sal vir die pad na Tziyon vra met hulle gesigte daarheen gedraai; hulle sal kom sodat hulle hul aan יְהוָה kan verbind in 'n ewige verbond wat nie vergeet sal word nie. ^{Yir 31}
- 6 My volk het verlore skape geword; hulle herders het hulle laat dwaal, hulle laat wegdraai op die berge; hulle het gegaan van berg na heuwel en hulle het hul rusplek vergeet. ^{Mal 2}
- 7 Almal wat op hulle afgekom het, het hulle verteer en hulle teëstanders het gesê: ‘Ons is nie skuldig nie, aangesien hulle gesondig het teen יְהוָה, die Woning van Onpartydige opregtheid, יְהוָה die Aktiewe Verwagting van hulle vaders.’
- 8 Vlug vanuit die middel van Bavel en gaan uit die land van die Kasdeërs uit; wees soos bokramme aan die hoof van die trop,

- 9 want let op, Ek gaan 'n menigte van groot nasies uit die land van die noorde opwek en teen Bavel bring en hulle sal hul gevegslyn opstel teen haar; daarvandaan sal sy gevange geneem word; hulle pyle sal wees soos dié van 'n deskundige soldaat wat nie met leë hande terugkom nie. ^{Dan 5:22}
- 10 Die land van die Kasdeërs sal geplunder word; almal wat hom plunder sal genoeg hê," verklaar יְהוָה.
- 11 "Omdat julle bly is, omdat julle verheug is, julle plundersaars van My erfenis, omdat jy rond huppel soos 'n vers wat graan dors en julle runnik soos hingste,
- 12 sal julle moeder grootliks beskaamd wees; sy wat geboorte aan julle gegee het, sal verneder word. Let op, die laaste van die nasies sal 'n wildernis, 'n verskroeiende land en 'n woestyn wees.
- 13 Weens die verontwaardiging van יְהוָה sal dit nie bewoon word nie, maar geheel en al 'n verlatenheid wees; elkeen wat by Bavel verbygaan, sal verskrik wees en spot as gevolg van al haar wonde.
- 14 Trek julle gevegslyne op teen Bavel aan elke kant, almal van julle wat die boog span! Skiet op haar, moenie spaarsamig wees met die pyle nie, want sy het teen יְהוָה gesondig.
- 15 Lig jou gevegskreet aan elke kant teen haar op. Sy het haarself oorgegee, haar pilare het geval, haar mure is afgebreek, want dit is die wraak van יְהוָה; wreek julle op haar, soos sy aan ander gedoen het, doen so aan haar!
- 16 Sny die saaier af van Bavel en die een wat die sekel swaai in die oestyd; van voor die swaard van die onderdrukker sal elkeen na sy eie volk draai en elkeen na sy eie land vlug!
- 17 Yisra'el is 'n verstrooide trop, die leeus het hulle weggedryf. Die eerste een wat hom verslind het, was die koning van Ashur en nou die laaste een wat sy bene gebreek het, was N'vukadnetzar, koning van Bavel;"
- 18 daarom, so sê יְהוָה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Let op, Ek gaan die koning van Bavel en sy land straf, net soos Ek die koning van Ashur gestraf het. ^{2 Kon 19:37}
- 19 Ek sal Yisra'el terugbring na sy weiveld en hy sal wei op Karmel en Bashan en sy begeerte sal op die hoogland van Efrayim en Gil'ad bevredig word.
- 20 In daardie dae en in daardie tyd," verklaar יְהוָה, "sal die oortredinge van Yisra'el gesoek word, maar dit sal niks wees nie en na die sondes van Y'hudah, maar hulle sal nie gevind word nie, want Ek sal hulle wat Ek laat oorbly vryspreek.
- 21 Gaan op teen die land van Meratayim en teen die inwoners van P'kod! Slaan dood en vernietig hulle volkome," verklaar יְהוָה, "en doen volgens alles wat Ek jou beveel het.
- 22 Die geraas van oorlog en 'n groot vernietiging is in die land.
- 23 Hoe is die hamer van die hele aarde afgesny en gebreek! Hoe het Bavel 'n voorwerp van verskrikking onder die nasies geword!
- 24 Ek het vir jou 'n strik gespan en jy is ook gevang, o Bavel, sonder dat jy daarvan bewus was; jy is gevind en ook gegryp omdat jy in stryd was teen יְהוָה.
- 25 יְהוָה het sy arsenaal oopgemaak en die wapens van Sy verontwaardiging uitgebring, want dit is 'n werk van יְהוָה, God van die leërmagte, in die land van die Kasdeërs.

- 26 Kom na haar vanaf die verste grens; maak oop haar skure, stapel haar op soos hope en vernietig haar volkome! Laat niks vir haar oorbly nie.
- 27 Maak al haar jong stiere met die swaard dood; laat hulle afgaan na die slagting! Wee hulle, want hulle dag het gekom, die tyd van hulle straf.
- 28 Daar is 'n klank van voortvlugtelinge en vlugteling vanaf die land van Bavel, om in Tziyon die wraak van יהוה, ons God, te verklaar, wraak vir Sy tempel.
- 29 Roep baie op teen Bavel, almal wat die boog buig; slaan laer op aan elke kant teen haar, laat daar geen ontvlugting wees nie! Vergeld haar volgens haar werke, volgens alles wat sy gedoen het, doen dit ook aan haar, want sy het arrogant geraak teen יהוה, teen die Afgesonderde Een van Yisra'el;
- 30 daarom sal haar jongmanne in haar strate val en al haar krygsmanne sal in dié dag stil gemaak word," verklaar יהוה.
- 31 "Let op, Ek is teen jou, o arrogante een," verklaar יהוה, God van die leërmagte, "want jou dag het gekom, die tyd wat Ek jou sal straf.
- 32 Die arrogante een sal struikel en val, met niemand om hom op te tel nie en Ek sal sy stede aan die brand steek en dit sal sy hele omgewing verteer."
- 33 So sê יהוה-Tzva'ot: "Die seuns van Yisra'el en die seuns van Y'hudah is onderdruk en almal wat hulle gevange geneem het, hou hulle vas, hulle het geweier om hulle te laat gaan."
- 34 Hulle Loskoper is sterk, יהוה-Tzva'ot is Sy Naam; Hy sal hulle saak kragtig verdedig sodat Hy rus aan die aarde sal gee, maar onrus aan die inwoners van Bavel.
- 35 "'n Swaard teen die Kasdeërs," verklaar יהוה "en teen die inwoners van Bavel en teen haar amptenare en teen haar wyse manne!
- 36 'n Swaard teen die waarsêers en hulle sal dwase word! 'n Swaard teen haar magtige manne en hulle sal verbrysel word!
- 37 'n Swaard teen haar perde en haar strydwaens en teen al die vreemdelinge wat in haar midde is en hulle sal lafaards word! 'n Swaard teen haar skatte en hulle sal geplunder word!
- 38 'n Droogte oor haar waters en hulle sal opgedroog word, want dit is 'n land van afgode en hulle is gek oor vreesaanjaende afgode;
- 39 daarom sal daar woestyngediertes bly saam met jakkalse; daar sal ook volstruise in bly en dit sal nooit weer bewoon of in oorgebly word nie, van geslag tot geslag,
- 40 soos toe God S'dom en 'Amorah met hulle bure omvergewerp het," verklaar יהוה, "geen mens sal daar leef nie en geen seun van 'n mens daarin bly nie.
- 41 Let op, 'n volk kom uit die noorde en 'n groot nasie en magtige konings sal opgewek word uit die afgeleë dele van die aarde. ^{Yir 51:11}
- 42 Hulle gryp hulle boog en spies; hulle is wreed en het geen genade nie. Hulle stemme dreun soos die see en hulle ry op perde, gewapend soos 'n man vir die oorlog; teen jou, o dogter van Bavel!
- 43 Die koning van Bavel het die rapport oor hulle gehoor en sy hande hang slap; benoudheid het hom aangegryp, angs soos van 'n vrou wat geboorte gee. ^{Dan 5:6}

- 44 Let op, een sal soos 'n leeu uit die ruigtes van die Yarden opkom teen die standhoudend natgemaakte weiding, want in 'n oomblik sal Ek hom daarvan laat weghardloop en wie ook al gekies is, sal Ek daaroor aanstel, want wie is soos Ek en wie sal My dagvaar; wie is dan die herder wat teen My kan staan?"
- 45 Hoor en luister daarom na die plan van יהוה wat Hy teen Bavel beplan het en Sy doelwitte wat Hy bedoel het teen die land van die Kasdeërs: waarlik, hulle sal die kleinstes van die kudde wegsleep; sekerlik sal Hy hulle weiveld 'n woesteny maak as gevolg van hulle.
- 46 Met die uitroep: "Bavel is ingeneem" word die aarde geskud en 'n uitroep word onder die nasies gehoor.
- 51** 1 So sê יהוה: "Let op, Ek gaan die gees van 'n verwoester teen Bavel en teen die inwoners van Lev-Kamai opwek. ^{Open 18}
- 2 Ek sal vreemdelinge na Bavel stuur om haar uit te wan en haar land te verwoes, want hulle sal op die dag van katastrofe van elke kant af teen haar wees.
- 3 Die boogskutter sal nie ophou om sy boog te span nie en die soldaat nie sy pantser afhaal nie; spaar nie haar jongmense nie; sonder haar ganse leër af vir vernietiging!
- 4 Hulle sal dood neerval in die land van die Kasdeërs en in hul strate deurboor word,"
- 5 want nie Yisra'el of Y'hudah is in die steek gelaat deur hulle God, deur יהוה-Tzva'ot nie, alhoewel hulle land vol skuld is voor die Afgesonderde Een van Yisra'el.
- 6 Vlug uit Bavel uit en red elkeen sy lewe; moenie vernietig word in haar straf nie, want dit is יהוה se tyd van wraak; Hy gaan aan haar haar verdiende loon gee.
- 7 Bavel was 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het in die hand van יהוה; die nasies het van haar wyn gedrink; daarom het die nasies gek geword. ^{Open 17:4}
- 8 Skielik het Bavel geval en is gebreek. Huil oor haar; bring balsem vir haar pyn! Miskien sal sy gesond gemaak word.
- 9 Ons het genesing aan Bavel gegee, maar sy is nie genees nie; verlaat haar en laat ons elkeen na sy eie land gaan, ^{Open 18:4} want haar oordeel reik tot aan die hemel en toring op tot in die lug.
- 10 יהוה het ons onskuld duidelik gemaak; kom en laat ons in Tziyon die werk van יהוה, ons God, oortel!
- 11 Maak skerp die pyle, vul die kokers! יהוה het die gees van die konings van die Mede opgewek, want Sy doel is teen Bavel, om dit te verwoes, want dit is die wraak van יהוה, die wraak vir Sy tempel.
- 12 Lig 'n banier op teen die mure van Bavel; sit 'n sterk wag uit, sit patrollies uit, sit manne in hinderlae, want יהוה het beide beplan en uitgevoer wat Hy aangaande die inwoners van Bavel gesê het.
- 13 Jy wat by baie waters bly, oorvloedig in skatte, jou einde het gekom, die maat van jou einde.
- 14 יהוה-Tzva'ot het by Homself gesweer: "Ek sal jou sekerlik vul met 'n populasie soos sprinkane en hulle sal uitroep met krete van oorwinning oor jou."
- 15 Hy het die aarde gemaak deur Sy krag, die wêreld gegrond deur Sy wysheid en die hemel uitgestrek deur Sy insig.

- 16 Wanneer Hy Sy stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die hemel en Hy laat die wolke opgaan vanaf die einde van die aarde; Hy maak weerlig vir die reën en laat die wind uitkom uit sy opgaarplekke.
- 17 Die hele mensdom is dom, sonder kennis; elke goudsmid word beskaamd deur sy afgode, want sy gegote beelde is misleidend en daar is geen asem in hulle nie.
- 18 Hulle is nutteloos, 'n werk van bespotting; in die tyd van hulle straf sal hulle tot niet gaan.
- 19 Ya'akov se deel is nie soos hierdie nie, want Hy, יהוה -Tzva'ot is Sy Naam, is die Maker van alles en van die stam van Sy erfenis.
- 20 "Jy is My oorlogshamer, My oorlogswapen en met jou verbrysel Ek nasies en met jou verwoes Ek koninkryke;
- 21 met jou verbrysel Ek die perd en sy ruiter en met jou verbrysel Ek die strydwa en sy ruiter;
- 22 met jou verbrysel Ek man en vrou en met jou verbrysel Ek grysaard en jeug en met jou verbrysel Ek die jongman en die maagd;
- 23 met jou verbrysel Ek die herder en sy trop en met jou verbrysel Ek die landbouer en sy span en met jou verbrysel Ek goewerneurs en heersers.
- 24 Ek sal Bavel en al die inwoners van die land van die Kasdeërs voor julle oë terugbetaal vir al hulle boosheid wat hulle in Tziyon gedoen het," verklaar יהוה.
- 25 "Let op, Ek is teen jou, o verwoestende berg, wat die hele aarde verwoes," verklaar יהוה; "en Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou van die rotse af laat rol en Ek sal van jou 'n afgebrande berg maak.
- 26 Hulle sal selfs nie 'n klip van jou af vat vir 'n hoek of 'n klip vir fondasies nie, maar jy sal vir ewig verlate wees," verklaar יהוה.
- 27 Lig 'n banier op in die land, blaas 'n ramshoring onder die nasies! Sonder die nasies teen haar af, roep die koninkryke van Ararat, Minni en Ashkenaz teen haar op, stel 'n aanvoerder teen haar aan, bring die perde op soos voetganger sprinkane!
- 28 Sonder nasies teen haar af, die konings van die Mede, hulle goewerneurs en al hulle leiers en elke land van hulle heerskappy.
- 29 So bewe die land en krimp inmekaar, want die planne van יהוה teen Bavel staan, om die land van Bavel 'n verlatenheid te maak, sonder inwoner.
- 30 Die magtige manne van Bavel het opgehou om te veg, hulle bly in die vestings; hulle krag is uitgeput, hulle het soos vroue geword. Hulle blyplekke is aan die brand gestee, die grendels is gebreek.
- 31 Die een looper hardloop die ander tegemoet en die een boodskapper die ander, om aan die koning van Bavel te vertel dat sy stad van kant tot kant ingeneem is.
- 32 Die driuwe is ook oorgevat en hulle het die rietvleie met vuur verbrand en die krygsmanne is vreesbevange,
- 33 want so sê יהוה -Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Die dogter van Bavel is soos 'n dorsvloer in die tyd as dit vasgetrap word; tog sal die oestyd in 'n kort rukkie vir haar kom."
- 34 "N'vukadnetzar, koning van Bavel, het my verteer, my verpletter; hy het my neergesit soos 'n leë houër; hy het my ingesluk soos 'n monster; hy het sy maag vol gemaak met my lekkernye en my toe laat afdwaal."

- 35 Die inwoners van Tziyon sal sê: “Mag die geweld wat aan my en my vlees gedoen is, op Bavel wees” en Yerushalayim sal sê: “Mag my bloed wees op die inwoners van die land van die Kasdeërs!”
- 36 יְהוָה sê daarom: “Let op, Ek sal jou saak verdedig en volle wraak vir jou kry en Ek sal haar see opdroog en haar fonteine droog maak.
- 37 Bavel sal ’n puinhoop word, ’n lêplek van jakkalse, ’n voorwerp van verskrikking en bespotting, sonder inwoners.
- 38 Hulle sal saam brul soos jong leeus, grom soos leeuwelpies.
- 39 Wanneer hulle opgewarm is, sal Ek hulle feesmaal bedien en hulle dronk maak dat hulle uitgelate word en ’n ewige slaap kan slaap en nie wakker word nie,” verklaar יְהוָה.
- 40 “Ek sal hulle afbring soos lammers om geslag te word, soos ramme saam met bokramme.
- 41 Hoe is Sheshakh ingeneem en die lofprijsing van die hele aarde verower! Hoe het Bavel ’n voorwerp van verskrikking geword onder die nasies!
- 42 Die see het opgekom oor Bavel, sy is verswelg in sy geweldige golwe.
- 43 Haar stede het ’n voorwerp van verskrikking geword, ’n geskroeide land en ’n woestyn; ’n land waarin niemand bly nie en waardeur geen seun van ’n mens verbygaan nie.
- 44 Ek sal Bel in Bavel straf en maak dat wat hy ingesluk het uit sy mond uit kom en die nasies sal nie meer na hom toe stroom nie. Selfs die muur van Bavel het ongeval!
- 45 Gaan uit haar uit, My volk en red elkeen homself van die vreeslike woede van יְהוָה! ^{Open 18:4}
- 46 Nou, sodat julle binneste nie swak word nie en julle nie bang is vir die verslag wat in die land gehoor sal word nie, want die verslag sal die een jaar kom en daarna ’n ander verslag in ’n ander jaar en daar sal geweld wees in die land, met heersers teen heersers;
- 47 daarom, let op, daar kom dae dat Ek die afgode van Bavel sal straf en haar hele land sal beskaamd staan en al haar gesneuweldes sal in haar midde val,
- 48 dan sal die hemel en aarde en alles wat daarin is, uitroep van vreugde oor Bavel, want die verwoesters sal oor haar kom uit die noorde,” verklaar יְהוָה.
- 49 Inderdaad sal die gesneuweldes van Yisra’el in Bavel val en die gesneuweldes van Bavel oor die hele aarde.
- 50 Julle wat die swaard vrygespring het, gaan weg, moenie bly nie! Onthou יְהוָה van ver af en hou Yerushalayim in jou gedagtes!
- 51 Ons is skaam, want ons het bespotting gehoor; skande het ons gesigte bedek, want vreemdes het die Afgesonderde Plekke van die huis van יְהוָה ingegaan.
- 52 “Let daarom op, daar kom dae,” verklaar יְהוָה, “wanneer Ek haar afgode sal straf en die dodelik gewondes sal reg deur haar hele land kerm.
- 53 Al sou Bavel na die hemel opgaan en al sou sy haar hoë vesting versterk, sal verwoesters van My na haar toe afkom,” verklaar יְהוָה.
- 54 Die uitroep van ’n gehuil kom uit Bavel en van groot vernietiging vanaf die land van die Kasdeërs,

- 55 want יהוה gaan Bavel vernietig en Hy sal haar harde geraas uit haar laat verdwyn en hulle golwe sal bruis soos baie waters, die geraas van hulle stemme sal gehoor word,
- 56 want die vernietiger kom teen haar, teen Bavel en haar magtige manne sal gevang word, hulle boë stukkend gebreek word, want יהוה is 'n God van vergelding; Hy sal ten volle terugbetaal.
- 57 “Ek sal haar prinse, haar wyse manne, haar goewerneys, haar leiers en haar magtige manne dronk maak dat hulle 'n ewige slaap kan slaap en nie wakker word nie,” verklaar die Koning, Wie se Naam יהוה-Tzva'ot is.
- 58 So sê יהוה-Tzva'ot: “Die breë muur van Bavel sal volkome platgevee word en haar hoë poorte aan die brand gestee word sodat volke vir niks gewerk het en nasies moeg geword het, net vir vuur.”
- 59 Die boodskap waarmee Yirmeyahu, die profeet, vir S'rayah, die seun van Neriayah, die seun van Magseyah, beveel het, toe hy saam met Tzidkiyahu, koning van Y'hudah, na Bavel gegaan het, in die vierde jaar van sy regering. S'rayah was kwartiermeester.
- 60 Yirmeyahu het in 'n enkel boekrol al die katastrofes opgeskryf wat oor Bavel sou kom, al hierdie woorde wat aangaande Bavel geskryf is.
- 61 Toe het Yirmeyahu vir S'rayah gesê: “Sodra jy in Bavel kom, kyk dan dat jy al hierdie woorde hardop lees
- 62 en sê: ‘U, יהוה, het oor hierdie plek belowe om dit af te sny sodat daar niks in dit sal bly nie, nie mens of dier nie, maar dat dit 'n ewige verlatenheid sal wees.’
- 63 Sodra jy hierdie boekrol klaar gelees het, moet jy 'n klip daaraan vasmaak en dit in die middel van die Eufraat gooi
- 64 en sê: ‘Net so sal Bavel sink en nie weer opkom nie, weens die katastrofe wat Ek oor haar gaan bring en hulle sal uitgeput wees.’” Tot sover die woorde van Yirmeyahu.
- 52** 1 Tzidkiyahu was een en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het vir elf jaar in Yerushalayim regeer en sy moeder se naam was Hamutal, die dogter van Yirmeyahu van Livnah. ^{2 Kon 25; Yir 37-39}
- 2 Hy het boos gedoen in die oë van יהוה, soos alles wat Y'hoyakim gedoen het.
- 3 As gevolg van hierdie booshede het die woede van יהוה teen Yerushalayim en Y'hudah gekom totdat Hy hulle uit Sy Teenwoordigheid uitgegooi het. Tzidkiyahu het rebelleer teen die koning van Bavel.
- 4 Nou, dit het gebeur in die negende jaar van sy regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand dat N'vukadnetzar, koning van Bavel, teen Yerushalayim gekom het, hy en sy hele leër en hulle het daarteen laer opgeslaan en 'n beleëringsmuur reg rondom dit gebou.
- 5 So was die stad beleër tot die elfde jaar van koning Tzidkiyahu.
- 6 In die vierde maand, op die negende van die maand, toe die hongersnood so erg was in die stad dat daar geen brood was vir die mense van die land nie,

- 7 is in die stad ingebreek en al die krygsmanne het gevlug en in die nag uit die stad getrek en uitgegaan deur die poort, tussen die twee mure wat by die koning se tuin is, alhoewel die Kasdeërs reg rondom die stad was en hulle het deur die Vlakte gegaan.
- 8 Die leër van die Kasdeërs het egter die koning agternagejaag en Tzidkiyahu in die vlaktes van Yerigo ingehaal en sy hele leër is van hom af verstrooi.
- 9 Toe vang hulle die koning en bring hom op na die koning van Bavel, na Rivlah, in die land van Hamat en hy het 'n vonnis oor hom uitgespreek.
- 10 Toe het die koning van Bavel die seuns van Tzidkiyahu voor sy oë doodgeslaan en hy het ook al die prinse van Y'hudah in Rivlah doodgeslaan
- 11 en hy het die oë van Tzidkiyahu verblind en die koning van Bavel het hom met koper kettings geboei en hom na Bavel gebring en hom in die tronk gesit tot die dag van sy dood toe.
- 12 Nou, in die vyfde maand, op die tiende dag, wat die negentiende jaar van koning N'vukadnetzar, koning van Bavel was, het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, wat in die diens van die koning van Bavel was, in Yerushalayim gekom. ^{2 Kon 25:8}
- 13 Hy het die huis van יְהוָה, die paleis van die koning en al die huise van Yerushalayim verbrand; elke groot huis het hy met vuur verbrand.
- 14 Die hele leër van die Kasdeërs wat by die bevelvoerder van die lyfwag was, het al die mure van Yerushalayim reg rondom afgebreek.
- 15 Toe het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, van die armstes van die volk, die res wat in die stad agtergebly het, die oorlopers wat na die koning van Bavel oorgeloop het en die res van die vakmanne, in ballingskap weggevoer,
- 16 maar N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het sommige van die armstes van die land laat agterbly as wynboere en as landbouers.
- 17 Die Kasdeërs het die koper pilare wat in die huis van יְהוָה was, die staanders en die koper see wat in die huis van יְהוָה was, stukkend gebreek en al die koper daarvan na Bavel weggedra.
- 18 Hulle het ook die potte, die grawe, die kerssnuiters, die komme, die panne en al die koper gereedskap gevat wat in die diens gebruik is.
- 19 Die bevelvoerder van die lyfwag het ook die skottels, die vuurpanne, die komme, die potte, die kandelare, die panne en die drankoffer skottels, wat van suiwer goud en van suiwer silwer was, gevat en
- 20 die twee pilare, die see en die twaalf koper bulle, wat onder die see was en die staanders wat koning Shlomo vir die huis van יְהוָה gemaak het; die koper van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie.
- 21 Wat die pilare betref, die hoogte van een pilaar was agttien el en dit was twaalf el in omtrek en vier vingers dik, dit was hol.
- 22 'n Pilaarkop van koper was daarop en die hoogte van een pilaarkop was vyf el, met vlegwerk en granate op die pilaarkop reg rondom, alles van koper en die tweede pilaar was net so, insluitend die granate.
- 23 Daar was ses en negentig granate sigbaar; al die granate op die vlegwerk was 'n honderd, reg rondom.

- 24 Toe het die bevelvoerder van die lyfwag vir S'rayah, die hoofpriester en vir Tz'fanyah, die tweede priester en die drie drumpelwagters gevat.
- 25 Hy het ook uit die stad uit 'n amptenaar gevat wat opsigter oor die krygsmanne was en sewe van die koning se raadgewers, wat in die stad gevind is en die skrywer van die bevelvoerder van die leër wat die mense van die land opgeroep het en sestig man van die mense van die land wat in die stad gevind is.
- 26 N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, het hulle gevat en hulle na die koning van Bavel, in Rivlah gebring.
- 27 Toe het die koning van Bavel hulle neergeslaan en hulle gedood in Rivlah, in die land van Hamat. So is Y'hudah uit sy land in ballingskap uitgelei.
- 28 Hierdie is die mense wat N'vukadnetzar in ballingskap weggevoer het: in die sewende jaar, drie duisend, drie en twintig (3023) Y'udahiete;
- 29 in die agttiende jaar van N'vukadnetzar, agt honderd twee en dertig mense uit Yerushalayim;
- 30 in die drie en twintigste jaar van N'vukadnetzar het N'vuzar'adan, die bevelvoerder van die lyfwag, sewe honderd vyf en veertig Y'udahiete in ballingskap weggevoer; daar was vier duisend ses honderd in totaal.
- 31 Dit het gebeur in die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van Y'hoyakhin, koning van Y'hudah, in die twaalfde maand, op die vyf en twintigste van die maand dat 'Eveel-M'rodakh, koning van Bavel, in die eerste jaar van regering, guns bewys het aan Y'hoyakhin, koning van Y'hudah en hom uit die tronk uitgebring het.
- 32 Hy het goehartig met hom gepraat en sy stoel bokant die stoele van die konings gesit wat by hom in Bavel was.
- 33 Y'hoyakhin het sy tronkklere omgeruil en het gereeld sy etes in die koning se teenwoordigheid gehad, al die dae van sy lewe.
- 34 Vir sy lewensonderhoud is 'n vaste lewensonderhoud aan hom gegee deur die koning van Bavel, 'n daaglikse porsie al die dae van sy lewe, tot op die dag van sy dood.

Die veertiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die negende boek van die Profete

Die derde boek van die Latere Profete

Yegezk'el
(Eségiël)

יְחִזְקִאל - Die Magtige God versterk.

Die boek is geskryf deur die profeet Yegezk'el (Yeg 1:3)
vanaf die vyfde jaar van Y'hoyakhin se ballingskap, vir 23
jaar, 593-570 voor Yeshua.

- 1 Dit het gebeur in die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand terwyl ek tussen die ballinge by die K'varrivier was, dat die hemele oopgemaak is en ek visioene van God gesien het.
- 2 Op die vyfde van die maand, in die vyfde jaar van die ballingskap van koning Y'hoyakhin,
- 3 het die woord van יהוה uitdruklik tot Yegezk'el, die priester, die seun van Buzi, gekom in die land van die Kasdeërs, by die K'varrivier en daar het die hand van יהוה op hom gekom.
- 4 Terwyl ek kyk, let op, het 'n stormwind uit die noorde gekom, 'n groot wolk met aanhoudende flitsende vuur en 'n helder lig rondom dit en in die middel daarvan, iets soos gloeiende metaal, binne-in die vuur.
- 5 Binne-in dit was figure wat gelyk het soos vier lewende wesens en dit was hulle voorkoms: hulle het 'n menslike vorm gehad.
- 6 Elkeen van hulle het vier gesigte en vier vlerke gehad.
- 7 Hulle bene was reguit en hulle voete soos 'n kalf se hoof en hulle het geskitter soos blinkgevryfde koper.
- 8 Onder hulle vlerke aan hulle vier kante was mensehande. Wat die vier van hulle se gesigte en vlerke betref:
- 9 hulle vlerke het aanmekaar geraak. Hulle gesigte het nie gedraai wanneer hulle beweeg nie; elkeen het reguit vorentoe gegaan.
- 10 Wat die vorm van hulle gesigte betref: elkeen het die gesig van 'n man gehad; al vier het die gesig van 'n leeu aan die regterkant en die gesig van 'n bul aan die linkerkant gehad; al vier het die gesig van 'n arend gehad. ^{Open 4:7}
- 11 Dit was hulle gesigte. Hulle vlerke was boontoe uitgesprei; elkeen het twee gehad wat aan 'n ander geraak het en twee wat hulle liggame bedek het.
- 12 Elkeen het reguit vorentoe gegaan; waar hul gees ook al heen gegaan het, het hulle gegaan, sonder om te draai as hulle gaan.
- 13 In die middel van die lewende wesens was daar iets wat gelyk het soos brandende kole van vuur, soos fakkels wat heen en weer tussen die lewende wesens spring. Die vuur was helder en weerlig het uit die vuur geslaan.
- 14 Die lewende wesens het heen en weer gehardloop, soos weerligstrale.
- 15 Soos ek na die lewende wesens kyk, let op, was daar een wiel op die grond langs die lewende wesens, vir elkeen van die vier van hulle.
- 16 Die voorkoms van die wiele en hulle vakmanskap was soos skitterende beril en al vier het dieselfde vorm gehad; hulle voorkoms en hulle vakmanskap was asof daar een wiel binne-in 'n ander was.
- 17 Wanneer hulle beweeg, het hulle in enige van hulle vier rigtings beweeg sonder om te draai as hulle beweeg.
- 18 Hulle vellings was verhewe en wonderbaar en al vier se vellings was vol oë reg rondom.
- 19 Wanneer die lewende wesens beweeg, beweeg die wiele saam met hulle en wanneer die lewende wesens oplaag van die grond af, lig die wiele ook.

- 20 Waar hulle gees ook al heen wou gaan, in daardie rigting het hulle gegaan; die wiele het naby, langs hulle opgelig, want die gees van die lewende wesens was in die wiele.
- 21 Wanneer dié gaan, gaan hulle en wanneer dié stil staan, staan hulle stil en wanneer dié hulle van die grond af oplig, lig die wiele naby langs hulle op, want die gees van die lewende wesens was in die wiele.
- 22 Oor die koppe van die lewende wesens was daar iets soos 'n uitgestrektheid, soos die wonderbare skynsel van kristal, uitgesprei bo-oor hulle koppe.
- 23 Onder die uitgestrektheid was hulle vlerke reguit na mekaar, een na die ander uitgestrek; elkeen het ook twee vlerke gehad wat eenkant en anderkant hul liggame bedek het.
- 24 Ek het ook die klank van hulle vlerke gehoor as hulle beweeg, soos die klank van baie waters, soos die stem van die Almagtige, ^{Open 1:15; 14:2} die geluid van oproering, soos die klank van 'n leërkamp; wanneer hulle stil staan, het hulle hul vlerke laat sak.
- 25 Daar het 'n stem gekom van bo die uitgestrektheid wat oor hulle koppe was; wanneer hulle stil staan, het hulle hul vlerke laat sak.
- 26 Bokant die uitgestrektheid wat oor hulle koppe was, was daar iets wat gelyk het soos 'n troon, wat gelyk het soos lapis lazuli en op dit wat gelyk het soos 'n troon, 'n figuur wat gelyk het soos 'n mens.
- 27 Toe merk ek op dat vanaf Sy lendene opwaarts lyk dit na iets soos gloeiende metaal wat lyk soos vuur, reg rondom binne-in en vanaf Sy lendene ondertoe sien ek iets soos vuur en daar was 'n glans rondom Hom.
- 28 Soos die voorkoms van die reënboog in die wolke op 'n reëndag, so het die omringende glans gelyk. So was die voorkoms van die beeld van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה. Toe ek dit sien, het ek op my gesig geval en 'n Stem hoor praat.
- 2** 1 Toe het Hy vir my gesê: “Seun van 'n mens, staan op jou voete sodat Ek met jou kan praat.”
- 2 Terwyl Hy met my praat, het die Gees in my gekom en my op my voete geplaas en ek het Hom met my hoor praat.
- 3 Toe sê Hy vir my: “Seun van 'n mens, Ek stuur jou na die seuns van Yisra'el, na 'n rebelse volk wat teen My gerebelleer het; hulle en hul vaders het teen My oortree tot op hierdie dag toe.
- 4 Ek stuur jou na hulle wat hardkoppige en eiewillige kinders is en jy moet vir hulle sê: ‘So sê יהוה-God!’
- 5 Wat hulle betref, of hulle luister of nie, want hulle is 'n rebelse huis; hulle sal weet dat 'n profeet tussen hulle was.
- 6 Jy, seun van 'n mens, moenie vir hulle of vir hulle woorde bang wees nie, alhoewel distels en dorings by jou is en jy op skerpioene sit; moenie hulle woorde vrees nie en ook nie ontsteld wees oor hulle teenwoordigheid nie, want hulle is 'n rebelse huis.
- 7 Jy moet egter My woorde vir hulle sê, of hulle luister of nie, want hulle is rebels.

- 8 Nou jy, seun van 'n mens, luister en hoor wat Ek vir jou sê; moenie rebels wees soos daardie rebelse huis nie. Maak jou mond oop en eet wat Ek jou gee.” ^{Open 10:9}
- 9 Toe kyk ek en let op, daar is 'n hand na my toe uitgesteek en sowaar, daar was 'n boekrol in!
- 10 Toe Hy dit voor my uitsprei, was daar voorop en agterop geskryf en daar was klaagliedere, rou en smart op geskryf.
- 3** 1 Toe het Hy vir my gesê: “Seun van 'n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra'el.”
- 2 Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer.
- 3 Hy het vir my gesê: “Seun van 'n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond.
- 4 Toe het Hy vir my gesê: “Seun van 'n mens, gaan na die huis van Yisra'el en verkondig My boodskappe aan hulle,
- 5 want jy word nie gestuur na 'n volk met 'n onverstaanbare spraak of moeilike taal nie, maar na die huis van Yisra'el;
- 6 nie na baie volke wat 'n onverstaanbare spraak of moeilike taal het nie, wie se woorde jy nie kan verstaan nie, maar Ek het jou gestuur na hulle wat na jou behoort te luister en dit te doen;
- 7 tog sal die huis van Yisra'el nie gewillig wees om na jou te luister en dit te doen nie, aangesien hulle nie na My wil luister en dit doen nie. Die hele huis van Yisra'el het sekerlik 'n harde voorkop en is eiewillig.
- 8 Let op, Ek het jou gesig net so hard gemaak soos hulle gesigte en jou voorkop so hard soos hulle voorkoppe.
- 9 Ek het jou voorkop soos 'n diamant, harder as flint, gemaak. Moenie vir hulle bang wees of ontsteld wees voor hulle nie, alhoewel hulle 'n rebelse huis is.”
- 10 Hy het verder vir my gesê: “Seun van 'n mens, neem al My boodskappe wat Ek vir jou sal sê, in jou verstand, wil en emosie op en luister mooi.
- 11 Gaan na die ballinge, na die seuns van jou volk en praat met hulle en sê vir hulle, of hulle luister en dit doen of nie: ‘So sê יהוה-God.’”
- 12 Toe het die Gees my opgelig en ek het 'n groot dreunende geluid agter my gehoor: “Geseënd is die lof, eer en waarde van יהוה in Sy plek!”
- 13 Ek het die geluid gehoor van die vlerke van die lewende wesens wat aan mekaar raak en die geluid van die wiele langs hulle, 'n groot dreunende klank.
- 14 Die Gees het my opgelig en my weggevat en ek het verbitterd in die woede van my gees gegaan en die hand van יהוה was sterk op my.
- 15 Toe het ek by die ballinge gekom wat in Tel-Aviv, langs die K'varrivier gebly het en ek het sewe dae lank daar gesit by die plek waar hulle gebly het en konsternasie tussen hulle veroorsaak.
- 16 Aan die einde van sewe dae het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 17 “Seun van 'n mens, Ek het jou as wagter vir die huis van Yisra'el aangestel; wanneer jy ook al 'n boodskap uit My mond hoor, moet jy hulle namens My waarsku.

- 18 Wanneer Ek vir die bose oortreder sê: 'Jy sal sekerlik sterf' en jy waarsku hom nie of praat nie om die bose oortreder aangaande sy bose lewenswyse te waarsku dat hy kan lewe nie, sal daardie bose oortreder in sy oortredinge sterf, maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.
- 19 Tog, as jy die bose oortreder gewaarsku het en hy draai nie van sy boosheid of van sy bose lewenswyse af weg nie, sal hy in sy oortredinge sterf, maar jy het jouself bevry.
- 20 Ook, as 'n onpartydige en opregte man wegdraai van sy onpartydige opregtheid en oortredinge begaan en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, sal hy sterf en omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy sterf in sy sonde en sy onpartydige en opregte dade wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie, maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.
- 21 As jy die onpartydig opregte man egter gewaarsku het dat die onpartydig opregte man nie moet sondig nie en hy sondig nie, sal hy sekerlik leef omdat hy die waarskuwing aanvaar het en jy het jouself bevry.” Yeg 33:1-9
- 22 Die hand van יהוה was daar op my en Hy het vir my gesê: “Staan op, gaan uit na die vlakte toe en Ek sal daar met jou praat.”
- 23 Ek het opgestaan en na die vlakte gegaan en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het daar gestaan soos die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wat ek by die K'varrivier gesien het en ek het op my gesig neergeval.
- 24 Die Gees het in my ingekom en my op my voete laat staan en Hy het met my gepraat en vir my gesê: “Gaan, sluit jouself toe in jou huis.
- 25 Wat jou betref, seun van 'n mens, hulle sal toue om jou sit en jou met hulle vasbind sodat jy nie onder hulle kan uitgaan nie.
- 26 Meer nog, Ek sal jou tong aan jou verhemelte laat vassit sodat jy stom sal wees en nie 'n man kan wees wat hulle kan bestraf nie, want hulle is 'n rebelse huis,
- 27 maar wanneer Ek met jou praat, sal Ek jou mond oopmaak en jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה-God.' Hy wat hoor en doen, laat hom hoor en doen en hy wat dit weier, laat hom weier, want hulle is 'n rebelse huis.
- 4** 1 Nou jy, seun van 'n mens, vat vir jou 'n baksteen, sit dit voor jou neer en teken die stad, Yerushalayim, daarop.
- 2 Beleër dit dan; bou 'n beleëringsmuur daarteen, gooi 'n wal daarteen, slaan kamp op en plaas stormramme daarteen, reg rondom.
- 3 Kry dan vir jou 'n yster plaat en sit dit op as 'n yster muur tussen jou en die stad en draai jou gesig daarheen dat dit beleër is en beleër dit. Hierdie is 'n teken vir die huis van Yisra'el.
- 4 Wat jou betref, gaan lê op jou linker sy en sit die oortredinge van die huis van Yisra'el daarop; volgens die getal dae dat jy daarop lê, sal jy hulle oortredinge dra,
- 5 want Ek het op jou die aantal dae gelê ooreenkomstig die jare van hulle oortredinge, drie honderd en negentig dae; so sal jy die oortredinge van die huis van Yisra'el dra.

- 6 Wanneer jy met hierdie klaar is, moet jy vir 'n tweede keer gaan lê, op jou regter sy en die oortredinge van die huis van Y'hudah dra; Ek het dit vir jou aangewys vir veertig dae; 'n dag vir elke jaar.
- 7 Dan moet jy jou gesig draai na die beleëring van Yerushalayim met jou arm kaal en jy moet daarteen profeteer.
- 8 Nou let op, Ek sal toue om jou sit sodat jy nie van die een kant na die ander kan draai nie totdat jy die dae van jou beleëring voltooi het.
- 9 Wat jou betref, vat koring, gars, boontjies, lensies, boermanna (katstertgras) en spelt en gooi dit in een houer en maak daarvan brood vir jouself; volgens die getal dae dat jy op jou sy lê, drie honderd en negentig dae, moet jy daarvan eet.
- 10 Jou kos wat jy elke dag moet eet, sal twintig sikkels in gewig wees; van tyd tot tyd moet jy dit eet.
- 11 Die water wat jy drink moet die sesde deel van 'n hin wees by mate; van tyd tot tyd moet jy dit drink.
- 12 Jy moet dit as garskoeke eet, gebak voor hulle oë op mens-uitskeiding.”
- 13 Toe sê יהוה: “So sal die seuns van Yisra'el hulle brood onrein eet onder die nasies waarheen Ek hulle sal verban.” ^{Hos 9:3}
- 14 Ek sê egter: “Ag, יהוה-God! Let op, ek is nog nooit onrein gemaak nie, want van my jeug af tot nou toe het ek nog nooit wat self dood is of wat verskeur is geëet nie en daar het ook geen onrein vleis ooit in my mond ingegaan nie.”
- 15 Toe sê Hy vir my: “Kyk, Ek het vir jou beesmis, in plaas van mens-uitskeiding gegee waarop jy jou brood moet voorberei.”
- 16 Hy het meer nog vir my gesê: “Seun van 'n mens, let op, Ek gaan die ondersteuning van die brood in Yerushalayim verbreek en hulle sal brood by die gewig en met ans eet en water by die maat en in afgryse drink,
- 17 want brood en water sal skaars wees en hulle sal afstootlik wees vir mekaar en in hulle oortredinge wegkwyn. ^{2 Kon 25:3}
- 5** 1 Wat jou betref, seun van 'n mens, vat 'n skerp swaard en gebruik dit as 'n haarkapper se skeermes op jou kop en baard. Vat dan 'n weegskaal en verdeel die hare:
- 2 een derde moet jy in die middel van die stad met vuur verbrand wanneer die dae van die beleëring voltooi is. Dan moet jy een derde vat en dit met die swaard stukkend kap reg rondom die stad en een derde moet jy in die wind strooi en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek.
- 3 Vat ook 'n klein bietjie daarvan en bind dit in die nate van jou kleed.
- 4 Vat weer 'n bietjie daarvan en gooi dit binne-in die vuur; 'n vuur sal vanuit dit versprei na die hele huis van Yisra'el.
- 5 So sê יהוה-God: ‘Hierdie is Yerushalayim; Ek het haar in die middel van die nasies geplaas, met lande rondom haar,
- 6 maar sy het My regverdige oordele verruil vir die booshede van die nasies en My opdragte vir die instellings van die stede wat haar omring, want hulle het My regverdige oordele verwerp en nie in My opdragte gelewe nie.’

- 7 יהוה-God sê daarom: 'Omdat julle die instellings van die nasies wat rondom julle is erken het en nie in My instellings gelewe het of My oordele gehoorsaam het nie, maar gedoen het volgens die oordele van die nasies rondom julle;'
- 8 daarom, so sê יהוה-God: 'let op, Ek, selfs ook Ek, is teen jou en Ek sal oordeel oor jou vel ten aanskoue van die nasies
- 9 en as gevolg van al jou verwerplikhede sal Ek onder jou doen wat Ek nog nooit gedoen het nie en wat Ek nooit weer só sal doen nie.
- 10 Vaders sal daarom hulle seuns opeet in jou midde en die seuns sal hulle vaders eet, want Ek sal oordeel vel oor jou en almal wat van jou oorbly na al die windstreke verstrooi.
- 11 So waar as Ek leef,' verklaar יהוה-God, 'sekerlik, aangesien jy My Afgesonderde Plek onteer het met al jou veragtelike afgode en met al jou verwerplikhede sal Ëk My ook onttrek en My oog sal nie jammerte hê nie en Ëk sal nie spaar nie.
- 12 'n Derde deel van jou sal deur die plaag sterf of deur hongersnood tussen jou verteer word; een derde sal deur die swaard rondom jou val en een derde sal Ek na al die windstreke verstrooi en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek.
- 13 So sal dan My woede uitwoed en Ek sal My toorn oor hulle bevredig en Ek sal tevrede wees; dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, in My ywer gepraat het wanneer Ek My toorn teen hulle laat uitwoed het.
- 14 Meer nog, Ek sal jou 'n verlatenheid en skande maak onder die nasies wat rondom jou is, voor die oë van almal wat verbygaan.
- 15 So sal dit 'n voorwerp van skande, beskimping, 'n waarskuwing en 'n voorwerp van verskrikking wees vir die nasies wat rondom jou is, as Ek oordele vel teen jou in woede, toorn en in tierende strawwe; Ek, יהוה, het gepraat.
- 16 Wanneer Ek die dodelike pyle van hongersnood wat vir die verwoesting van hulle wat Ek sal stuur om julle te vernietig, teen hulle uitstuur, dan sal Ek ook die hongersnood oor jou vererger en julle staf van graan verbreek.
- 17 Meer nog, Ek sal hongersnood en wilde diere oor jou stuur wat jou van kinders sal ontnem; plaag en bloedvergiëting sal ook deur jou gaan en Ek sal die swaard oor jou bring. Ek, יהוה, het gepraat.”

6 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

- 2 “Seun van 'n mens, draai jou gesig teen die berge van Yisra'el en profeteer teen hulle
- 3 en sê: ‘Berge van Yisra'el, hoor en luister na die woord van יהוה-God! So sê יהוה-God vir die berge, die heuwels, die klowe en vir die valleie: “Let op, Ek gaan self 'n swaard oor julle bring en Ek sal julle hoë plekke vernietig.
- 4 So sal julle altare verlate word en julle wierook altare stukkend gebreek word en Ek sal die wat uit julle doodgemaak is, voor julle afgode laat val.
- 5 Ek sal ook die lyke van die seuns van Yisra'el voor hulle afgode neerlê en julle beendere rondom julle altare strooi.
- 6 In al julle blyplekke sal stede verwoes word en die hoë plekke verlate wees sodat julle altare verwoes en verlate mag word, julle afgode verbreek en tot 'n einde gebring word, julle wierook altare omgekap en julle werke uitgewis word.

- 7 Die wat doodgeslaan is, sal onder julle val en julle sal weet dat Ek יהוה is.
- 8 Ek sal egter 'n oorblyfsel los, want julle sal hulle hê wat die swaard ontvlug tussen die nasies, wanneer julle verstrooi is tussen die lande.
- 9 Dan sal dié wat uit julle ontvlug het, My onthou tussen die nasies waarheen hulle as gevangenes weggevoer is, hoe Ek deur hulle hoererende verstand, wil en emosie, wat van My af weggedraai het en deur hulle oë wat agter hulle afgode aan hoereer het, seergemaak is en hulle sal hulself verag in hul eie oë weens die booshede wat hulle gedoen het, vir al hulle verwerplikhede.
- 10 Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is; Ek het nie tevergeefs gesê dat Ek hierdie ramp oor hulle sal bring nie.”
- 11 So sê יהוה-God: ‘Klap jou hand en stamp jou voet en sê: “Wee, as gevolg van al die bese verwerplikhede van die huis van Yisra'el, wat deur swaard, hongersnood en plaag gaan val!
- 12 Hy wat ver is, sal deur die plaag sterf, hy wat naby is, sal deur die swaard val en hy wat oorbly en beleër is, sal deur die hongersnood sterf. So sal Ek My toorn teen hulle laat uitwoed.
- 13 Dan sal julle weet dat Ek יהוה is, wanneer die wat uit hulle neergeslaan is, tussen hulle afgode rondom hulle altare op elke hoë heuwel lê, op al die bergtoppe en onder elke groen boom en onder elke digte eikeboom; die plekke waar hulle kalmerende aromas aan hulle afgode geoffer het.
- 14 So sal Ek deur al hulle blyplekke My hand teen hulle uitstrek en die land meer verlate en 'n puinhoop maak as die wildernis naby Divlah; so sal hulle weet dat Ek יהוה is.””

- 7** 1 Weer het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 2 “Jy, seun van 'n mens, so sê יהוה-God vir die land van Yisra'el: ‘Einde! Die einde het gekom op die vier hoeke van die land.
- 3 Nou is die einde op jou en Ek sal My woede teen jou stuur; Ek sal jou oordeel volgens jou lewenswyse en al jou verwerplikhede op jou afbring, ^{Efe 2:10}
- 4 want My oog sal nie vir jou jammer wees nie en Ek sal jou ook nie spaar nie, maar Ek sal jou lewenswyse op jou afbring en jou verwerplikhede sal tussen jou wees; dan sal julle weet dat Ek יהוה is!’
- 5 So sê יהוה-God: ‘'n Ramp, 'n unieke ramp, let op, dit kom!
- 6 'n Einde kom, die einde het gekom! Dit het wakker geword teen jou; let op, dit het gekom!
- 7 Jou verdoemenis kom teen jou, o inwoner van die land! Die tyd het gekom, die dag is naby! Opskudding, eerder as vreugdevolle groep op die berge.
- 8 Nou sal Ek binnekort My toorn op jou uitgiet en My woede teen jou laat uitwoed; jou oordeel volgens jou lewenswyse en al jou verwerplikhede op jou afbring.
- 9 My oog sal nie jammerte wys en Ek sal nie spaar nie; Ek sal jou terugbetaal volgens jou lewenswyse terwyl jou verwerplikhede tussen jou is; dan sal julle weet dat Ek, יהוה, die slaanwerk doen.
- 10 Let op, die dag! Let op, dit kom! Jou verdoemenis het uitgegaan; die roede het gebot, arrogansie het uitgespruit.

- 11 Geweld het gegroei tot 'n roede van boosheid. Niks van hulle sal oorbly nie, nie een van hulle mense, niks van hulle rykdom, of enige iets uitstaande tussen hulle nie.
- 12 Die tyd het gekom, die dag het arriveer. Laat die koper nie bly wees nie en die verkoper nie treur nie, want toorn is teen al hulle menigte.
- 13 Inderdaad, die verkoper sal nie terugkry wat hy verkoop het nie, want beide sal nie leef nie, want die visioen aangaande hulle hele menigte sal nie afgewend word nie en ook sal niemand sy lewe in stand hou deur sy oortredinge nie.
- 14 Hulle het die trompet geblaas en maak alles gereed, maar niemand gaan na die geveg toe nie, want My toorn is teen hulle hele menigte.
- 15 Die swaard is buite en die plaag en die hongersnood is binne. Hy wat in die veld is, sal deur die swaard sterf; hongersnood en die plaag sal ook dié verteer wat in die stad is.
- 16 Selfs as die oorlewendes ontvlug, sal hulle soos duive van die valleie op die berge wees wat almal treur, elkeen oor sy eie oortredinge.
- 17 Alle hande sal slap hang en alle knieë sal soos water word.
- 18 Hulle sal hulle omvou met rouklere en hulle sal oorkom word met angssiddering en skaamte sal op alle gesigte wees en 'n kaalte op al hulle koppe.
- 19 Hulle sal hulle silwer op die strate gooi en hulle goud sal 'n verfoeilike ding word; hulle silwer en hulle goud sal hulle nie kan bevry in die dag van die toorn van יהוה nie. Hulle kan nie hul aptyt versadig of hul maag daarmee volmaak nie, want hulle oortredinge het deur struikeling gekom.
- 20 Hulle het die prag van Sy ornamente in trots verander en hulle het die beelde van hul verwerplikhede, hul verfoeilike dinge daarmee gemaak; daarom sal Ek dit 'n verfoeilike ding vir hulle maak.
- 21 Ek sal dit in die hand van buitelanders gee as plunder en aan die bese oortreders van die aarde as buit en hulle sal dit onteer.
- 22 Ek sal ook My gesig van hulle af wegdraai en hulle sal My geheime plek onteer; dan sal rowers ingaan en dit onteer.
- 23 Hulle sal dit met stene aanval, want die land is vol bloederige misdaad en die stad is vol geweld;
- 24 daarom sal Ek die slegste van die nasies bring en hulle sal hul huise besit. Ek sal ook die trots van die sterkes laat ophou en hulle afgesonderde plekke sal onteer word.
- 25 Wanneer angs kom, sal hulle vrede soek, maar daar sal niks wees nie.
- 26 Ramp sal op ramp kom en gerug by gerug bygesit word; dan sal hulle van 'n profeet 'n visioen verlang, maar die wet sal verlore wees vir die priester en die raad vir die oudstes.
- 27 Die koning sal rou, die prinse sal aangetrek wees met afsku en die hande van die mense van die land sal bewe. Volgens hulle optrede sal Ek met hulle handel en deur hulle oordele sal Ek hulle oordeel en hulle sal weet dat Ek יהוה is.”

- 8 1 Dit het in die sesde jaar, op die vyfde dag van die sesde maand terwyl ek in my huis sit en die oudstes van Y'hudah voor my sit, gebeur dat die hand van יהוה-God daar op my val.
- 2 Ek kyk toe en let op, iets wat gelyk het soos 'n mens: vanaf Sy lendene en ondertoe het Hy gelyk soos vuur en van Sy lendene af en boontoe soos helderheid, soos gepoleerde metaal.
- 3 Hy steek, wat die vorm van 'n hand het, uit en gryp my aan my bos hare op my kop en die Gees het my opgelig tussen aarde en hemel en my in die visioene van God na Yerushalayim gebring, na die ingang van die binnekant by die noordelike poort, waar die setel van die afgod van jaloesie, wat opwek tot jaloesie, was.
- 4 Let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el was daar, soos die verskyning wat ek in die vlakte gesien het.
- 5 Toe sê Hy vir my: "Seun van 'n mens, lig nou jou oë op in die rigting van die noorde." Ek het my oë opgeslaan in die rigting van die noorde en let op, aan die noordekant van die altaarpoort was daar die afgod van jaloesie by die ingang.
- 6 Hy sê vir my: "Seun van 'n mens, sien jy wat hulle doen, die groot verwerplikhede wat die huis van Yisra'el hier doen dat Ek ver van My Afgesonderde Plek af moet wees? Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien." ^{Mat 24:15; Mar 13:14}
- 7 Toe bring Hy my by die ingang van die hof en toe ek kyk, let op, 'n gat in die muur.
- 8 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, grawe nou deur die muur." Ek het deur die muur gegrawe en let op, 'n ingang.
- 9 Hy het vir my gesê: "Gaan in en sien die bose verwerplikhede wat hulle hier doen."
- 10 Ek het ingegaan en gekyk en let op, elke vorm van kruipende dinge en wilde diere, verwerplike dinge, saam met al die afgode van die huis van Yisra'el is op die mure reg rondom uitgekerf.
- 11 Voor hulle het sewentig oudstes van die huis van Yisra'el gestaan, met Ya'azanyahu, die seun van Shafan, tussen hulle, elkeen met sy wierookpot in sy hand en die geur van die wolk van wierook het opgestyg.
- 12 Toe sê Hy vir my: "Het jy gesien, seun van 'n mens, wat die oudstes van die huis van Yisra'el in die donkerte doen, elkeen in sy kamer van uitgekerfde beelde? Want hulle dink: 'יהוה' sien ons nie; יהוה' het die land verlaat.'"
- 13 Hy sê ook vir my: "Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien wat hulle doen."
- 14 Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van יהוה en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz.
- 15 Hy sê vir my: "Het jy dit gesien, seun van 'n mens? Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien as hierdie."
- 16 Toe bring Hy my in die binneste hof van die huis van יהוה en let op, by die ingang van die tempel van יהוה, tussen die portaal en die altaar, was daar omtrent vyf en twintig manne, met hulle rug na die tempel van יהוה en hulle gesig na die ooste toe en hulle het hulself ooswaarts voor die son neergebuig. ^{Yeg 43:8}

17 Hy sê vir my: “Het jy dit gesien, seun van 'n mens? Is dit te gering vir die huis van Y'hudah om die verwerplikhede te doen wat hulle hier gedoen het? Hulle het die land met geweld gevul en My herhalend getart, want let op, hulle sit die tak by hulle neus (trek die neus minagtend op) vir My!

18 Ek sal daarom inderdaad in toorn handel; My oog sal geen jammerte hê nie, Ek sal nie spaar nie en al roep hulle hardop uit in My ore, nogtans sal Ek nie na hulle luister nie.”

9 1 Toe het Hy met 'n harde stem voor my ore uitgeroep en gesê: “Kom nader, laksmanne van die stad, elkeen met sy verwoestende wapen in sy hand.”

2 Let op, ses manne kom uit die rigting van die Boonste Poort wat na die noorde toe kyk, elkeen met sy verwoestende wapen in sy hand en tussen hulle was 'n sekere man wat in linne aangetrek was, met 'n skrywer se inkhouer aan sy heupe en hulle het ingegaan en langs die koper altaar gaan staan.

3 Toe het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el opgestyg vanaf die gérub waarop dit was, na die drumpel van die tempel toe en Hy het na die man geroep wat in linne aangetrek was, wat die skrywer se inkhouer aan sy heupe gehad het.

4 יהוה sê vir hom: “Gaan deur die middel van die stad, deur die middel van Yerushalayim en maak 'n teken op die voorkoppe van die manne wat sug en steun oor al die verwerplikhede wat in sy midde gedoen word.” Yir 32:29; Open 7:3

5 Aan die ander sê Hy egter voor my ore: “Gaan agter hom aan deur die stad en slaan dood; moenie dat julle oog jammerte hê nie en moenie spaar nie.

6 Slaan volkome dood; ou manne, jong manne, jong meisies, klein kindertjies en vroue, maar moet aan niemand raak op wie die teken is nie en julle moet begin by My Afsonderde Plek.” Hulle het begin by die oudstes wat voor die tempel was.

7 Hy het vir hulle gesê: “Onteer die tempel en maak die howe vol met die dooies. Gaan uit!” So het hulle uitgegaan en in die stad doodgeslaan.

8 Terwyl hulle doodslaan en ek oorgebly het, het ek op my gesig neergeval en uitgeroep en gesê: “Ag, יהוה-God! Vernietig U almal wat oorgebly het van Yisra'el deur U toorn op Yerushalayim uit te gooi?”

9 Toe sê Hy vir my: “Die oortredinge van die huis van Yisra'el en van Y'hudah is baie, baie groot en die land is gevul met bloed en die stad is vol perversie, want hulle sê: ‘יהוה’ het die land verlaat en יהוה’ sien nie.’

10 Wat My betref, My oog sal nie jammerte hê nie en Ek sal nie spaar nie, maar Ek sal hulle optrede op hulle koppe afbring.”

11 Toe, let op, het die man wat in linne aangetrek was, aan wie se heupe die skrywer se inkhouer was, rapporteer en gesê: “Ek het gedoen net soos U my beveel het.”

10 1 Toe het ek gekyk en let op, in die ruimte wat bo-oor die koppe van die gérubs was, het iets soos 'n saffiersteen in 'n vorm wat lyk soos 'n troon, bo hulle verskyn.

2 Hy het met die man wat in linne aangetrek was gepraat en gesê: “Gaan in tussen die draaiende wiele onder die gérub in en maak jou hande vol met kole van vuur vanaf tussen die gérubs en strooi dit oor die stad.” Hy het voor my oë ingegaan.

- 3 Die gérubs het aan die regterkant van die tempel gestaan toe die man ingegaan het en die wolk het die binnehof gevul.
- 4 Toe het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יְהוָה vanaf die gérub af opgestyg na die drumpel van die tempel en die tempel is gevul met die wolk en die hof was vol van die helderheid van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יְהוָה.
- 5 Verder is die geluid van die gérubs se vlerke gehoor tot in die buitenste hof, soos die stem van God, die Almagtige, as Hy praat.
- 6 Dit het gebeur toe Hy die man wat in linne aangetrek is, beveel en gesê het: “Vat vuur van tussen die draaiende wiele, van tussen die gérubs uit,” hy ingegaan en langs 'n wiel gaan staan het.
- 7 Toe steek 'n gérub sy hand uit van tussen die gérubs, af na die vuur wat tussen die gérubs was, vat daarvan en gee dit in die hande van die man wat in linne aangetrek is; wat dit gevat en uitgegaan het.
- 8 Dit het gelyk of die gérubs die vorm van 'n mens se hand onder hulle vlerke het.
- 9 Toe het ek gekyk en let op, vier wiele langs die gérubs; een wiel langs elke gérub en die voorkoms van die wiele was soos die kleur van topaas (beril).
- 10 Wat hulle voorkoms betref, al vier het dieselfde voorkoms gehad, asof een wiel binne-in 'n ander wiel was.
- 11 Wanneer hulle beweeg, het hulle in enige van hulle vier rigtings beweeg sonder om te draai as hulle beweeg, maar hulle het gevolg in die rigting waarheen hulle kyk, sonder om te draai as hulle beweeg.
- 12 Hulle hele liggaam, hulle rûe, hulle hande, hulle vlerke en die wiele was vol oë reg rondom, die wiele het aan al vier van hulle behoort.
- 13 Die wiele is voor my ore “draaiende wiele” genoem.
- 14 Elkeen het vier gesigte gehad: die eerste gesig was die gesig van 'n gérub, die tweede gesig die gesig van 'n mens, die derde die gesig van 'n leeu en die vierde die gesig van 'n arend.
- 15 Toe het die gérubs opgestyg. Hulle is die lewende wesens wat ek by die K'varrivier gesien het.
- 16 Wanneer die gérubs beweeg, sal die wiele langs hulle beweeg en wanneer die gérubs hulle vlerke oplik om van die grond af op te styg, het die wiele nie weggedraai van langs hulle nie.
- 17 Wanneer die gérubs stilstaan, staan die wiele stil en wanneer hulle opstyg, sal die wiele saam met hulle opstyg, want die gees van die lewende wesens was in hulle.
- 18 Toe het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יְהוָה vanaf die drumpel van die tempel vertrek en oor die gérubs gaan staan.
- 19 Toe die gérubs weggegaan het, het hulle hul vlerke opgelig en voor my oë van die grond af opgestyg met die wiele langs hulle en hulle het gaan stilstaan by die ingang van die oostelike poort van die huis van יְהוָה en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het oor hulle gehang.
- 20 Dit is die lewende wesens wat ek onder die God van Yisra'el gesien het by die K'varrivier; ek het dus geweet dat hulle gérubs was.
- 21 Elkeen het vier gesigte en elkeen het vier vlerke gehad en onder hulle vlerke was die vorm van mensehande.

22 Wat die vorm van hulle gesigte betref, dit was dieselfde gesigte wie se voorkoms ek by die K'varrivier gesien het; elkeen het reguit vorentoe gegaan.

11 1 Verder het die Gees my opgelig en my gebring na die oostelike poort van die huis van יהוה wat na die ooste kyk en let op, by die ingang van die poort was daar vyf en twintig man en onder hulle het ek vir Ya'azanyah, die seun van 'Azzur en P'latyahu, die seun van B'nayahu, leiers van die volk, gesien.

2 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, hierdie is die manne wat boosheid uitdink en bose raad gee in hierdie stad,

3 wat sê: 'Is die tyd nie naby om huise te bou nie? Hierdie stad is die pot en ons is die vleis.'

4 Profeteer daarom teen hulle, seun van 'n mens, profeteer!"

5 Toe val die Gees van יהוה op my en Hy sê vir my: "Sê: 'So sê יהוה: "So het julle gedink, huis van Yisra'el, want Ek ken julle gedagtes.

6 Julle het die wat deur julle verslaan is, in hierdie stad vermenigvuldig en julle het sy strate vol gemaak met hulle."

7 יהוה-God sê daarom: "Die wat deur julle verslaan is, wat in die middel van die stad neergelê is, is die vleis en hierdie stad is die pot, maar Ek sal julle daar uitbring.

8 Julle het 'n swaard gevrees; Ek sal 'n swaard oor julle bring," verklaar יהוה-God.

9 Ek sal julle uit die stad uitbring en julle oorgee in die hand van vreemdelinge en oordele teen julle fel.

10 Julle sal deur die swaard val. Ek sal jou tot by die grens van Yisra'el oordeel; so sal julle weet dat Ek יהוה is.

11 Hierdie stad sal nie vir julle 'n pot wees nie en julle sal ook nie vleis binne-in dit wees nie, maar Ek sal julle oordeel tot by die grens van Yisra'el.

12 So sal julle weet dat Ek יהוה is, want julle het nie in My instellings geleef of My regverdige oordele uitgevoer nie, maar opgetree volgens die oordele van die nasies wat rondom julle is." ^{Deut 12:30-31}

13 Dit het gebeur terwyl ek profeteer dat P'latyahu, die seun van B'nayah, gesterf het. Toe het ek op my gesig neergeval en hardop uitgeroep en gesê: "Ag, יהוה-God, sal U 'n volledige einde maak aan dié van Yisra'el wat oorgebly het?"

14 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

15 "Seun van 'n mens, jou broers, jou familieleden, jou mede-ballinge en die hele huis van Yisra'el en almal van hulle, aan wie die inwoners van Yerushalayim gesê het: 'Gaan ver weg van יהוה af, hierdie land is vir ons as 'n besitting gegee.'

16 So sê יהוה-God: "Alhoewel Ek hulle ver verwyder het tussen die nasies en alhoewel Ek hulle verstrooi het tussen die lande, tog was Ek vir hulle vir 'n kort tydjie 'n Plek van Afgesonderdheid in die lande waarheen hulle gegaan het;"

17 daarom sê: 'So sê יהוה-God: "Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is en Ek sal aan julle die land Yisra'el gee."

18 Wanneer hulle daar kom sal hulle al sy verfoeilike en al sy verwerplike dinge daaruit verwyder

- 19 en Ek sal aan hulle een verstand, wil en emosie en 'n nuwe gees in hulle binneste gees en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit hulle vlees verwyder en aan hulle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee ^{Yir 31:33}
- 20 sodat hulle in My instellings kan leef en My regverdige oordele kan hou en dit doen. Dan sal hulle My volk wees en Ek sal hulle God wees.
- 21 Hulle wie se verstand, wil en emosie egter agter hulle verfoeilikhede en hulle verwerplike dinge aan loop; hulle optrede sal Ek op hulle koppe afbring,” verklaar יהוה-God.
- 22 Toe het die gérubs hulle vlerke opgelig met die wiele langs hulle en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het oor hulle gehang.
- 23 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het opgegaan vanuit die stad uit en het gaan staan oor die berg wat oos van die stad lê.
- 24 Die Gees het my opgelig en my, in 'n visioen deur die Gees van God, by die ballinge in die land van die Kasdeërs, gebring. Die visioen wat ek gesien het, het van my af weggegaan.
- 25 Toe het ek vir die ballinge al die dinge vertel wat יהוה vir my gewys het.

12 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

- 2 “Seun van 'n mens, jy bly in die middel van die rebelse huis, wat oë het om te sien, maar nie sien nie; ^{Deut 29:3,4; Yes 6:9; 29:10; Mat 13:14,15; Yog 12:40; Rom 11:8} ore om te hoor, maar nie hoor en luister nie, want hulle is 'n rebelse huis;
- 3 daarom, seun van 'n mens, berei vir jou bagasie vir ballingskap voor en gaan in die dag in ballingskap voor hulle oë; gaan selfs in ballingskap vanaf jou plek na 'n ander voor hulle oë, miskien sal hulle verstaan, al is hulle 'n rebelse huis.
- 4 Bring jou bagasie oordag uit voor hulle oë as bagasie vir ballingskap. Dan moet jy in die aand uitgaan voor hulle oë soos hulle wat in ballingskap uitgaan.
- 5 Grawe 'n gat deur die muur voor hulle oë en gaan daardeur uit.
- 6 Laai die bagasie op jou skouer voor hulle oë en dra dit in die donker uit. Jy moet jou gesig bedek sodat jy nie die land kan sien nie, want Ek het jou as 'n teken gemaak vir die huis van Yisra'el.”
- 7 Ek het gedoen soos wat ek beveel is. Deur die dag het ek my bagasie uitgebring soos die bagasie van 'n balling. In die aand het ek met my hande 'n gat deur die muur gegrawe; ek het in die donker uitgegaan en die bagasie voor hulle oë op my skouers gedra.
- 8 In die oggend het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 9 “Seun van 'n mens, het die huis van Yisra'el, die rebelse huis, nie vir jou gesê: ‘Wat maak jy,’ nie?
- 10 Sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Hierdie las geld vir die prins in Yerushalayim en vir die hele huis van Yisra'el wat daarin is.”’
- 11 Sê: ‘Ek is 'n teken vir julle. Soos ek gedoen het, so sal dit met julle gedoen word; julle sal in ballingskap gaan, in gevangenskap.’
- 12 Die prins wat onder julle is, sal dit in die donker op die skouer sit en uitgaan. Hulle sal 'n gat in die muur grawe om dit uit te bring. Hy sal sy gesig bedek sodat hy nie die land met sy oog kan sien nie.

- 13 Ek sal ook My net oor hom uitsprei en hy sal in My strik gevang word en Ek sal hom na Bavel, na die land van die Kasdeërs bring; tog sal hy dit nie sien nie, alhoewel hy daar sal sterf. ^{2 Kon 25:4-7; Yir 52:7-}
- 14 Almal wat rondom hom is, sy helpers en al sy troepe, sal Ek na al die windstreke verstrooi en Ek sal die swaard agter hulle uittrek.
- 15 So sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek hulle onder die nasies verstrooi en hulle oor die lande uitsprei.
- 16 Ek sal egter 'n paar van hulle laat oorbly van die swaard, die hongersnood en die pes sodat hulle al hulle verwerplikhede onder die nasies kan vertel waar hulle ook al gaan en mag weet dat Ek יהוה is."
- 17 Verder het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 18 "Seun van 'n mens, jy moet jou brood met bewing eet en jou water met siddering en benoudheid drink.
- 19 Dan moet jy vir die mense van die land sê: 'So sê יהוה-God aangaande die inwoners van Yerushalayim, in die land van Yisra'el: "Hulle sal hul brood met benoudheid eet en hulle water met afgryse drink omdat hulle land van sy volheid gestroop sal word vanweë die geweld van almal wat daarin woon.
- 20 Die bewoonde stede sal woës gelaat word en die land sal 'n verlatenheid wees. So sal julle weet dat Ek יהוה is."'''
- 21 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 22 "Seun van 'n mens, wat is die spreekwoord wat julle het aangaande die land van Yisra'el, naamlik: 'Die dae is lank en elke visioen faal?'
- 23 Sê daarom vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Ek sal hierdie spreekwoord laat ophou sodat hulle dit nie meer as 'n spreekwoord in Yisra'el sal gebruik nie." Sê egter vir hulle: "Die dae kom nader, sowel as die vervulling van elke visioen,
- 24 want daar sal nie langer enige vals visioen of vleierende waarsêery in die huis van Yisra'el wees nie,
- 25 want Ek, יהוה, sal praat en watter woord Ek ook al praat, sal uitgevoer word. Dit sal nie langer uitgestel word nie, want in julle dae, o rebelse huis, sal Ek die woord sê en dit uitvoer," verklaar יהוה-God."'''
- 26 Verder het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 27 "Seun van 'n mens, let op, die huis van Yisra'el sê: 'Die visioen wat hy sien, is vir baie jare vorentoe en hy profeteer van tye wat ver is;'
- 28 daarom, sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Nie een van My woorde sal meer uitgestel word nie; watter woord Ek ook al praat, sal uitgevoer word,"''' verklaar יהוה-God.
- 13** 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 2 "Seun van 'n mens, profeteer teen die profete van Yisra'el wat profeteer en sê vir dié wat vanuit hulle eie inspirasie profeteer: 'Hoor en luister na die woord van יהוה!'
- 3 So sê יהוה-God: "Wee die dwase profete wat hulle eie gees volg en niks gesien het nie.
- 4 O Yisra'el, jou profete was soos jakkalse tussen puinhoë.
- 5 Julle het nie in die bresse getree of die muur rondom die huis van Yisra'el gebou, om in die geveg te staan op die dag van יהוה nie.

- 6 Hulle sien valsheid en leuenagtige waarsêery, wat sê: 'יהוה' het verklaar,' wanneer יהוה hulle nie gestuur het nie; tog verwag hulle die vervulling van die woord!
- 7 Het julle nie 'n vals visioen gesien en leuenagtige waarsêery gepraat toe julle gesê het: 'יהוה' verklaar,' maar dit nie Ek is wat gepraat het nie?'"
- 8 יהוה-God sê daarom: "Omdat julle valsheid gepraat en 'n leuen gesien het, daarom let op, Ek is teen julle," verklaar יהוה-God.
- 9 So sal My hand wees teen die profete wat valse visioene sien en leuenagtige waarsêery uitspreek: hulle sal geen plek hê in die raadgewing van My volk en ook nie neergeskryf word in die register van die huis van Yisra'el en ook nie in die land van Yisra'el ingaan nie sodat julle kan weet dat Ek יהוה-God is.
- 10 Dit is beslis omdat hulle My volk mislei het deur te sê: "Vrede! wanneer daar geen vrede was nie en as enige een 'n muur bou, let op, dan pleister hulle dit oor met kalk.
- 11 Vertel vir hulle wat op so manier met kalk oorpleister dat dit afval, let op, Ek sal 'n geweldige reën bring wat alles sal wegvee; haelstene sal val en 'n gewelddadige wind sal waai.
- 12 Let op, wanneer die muur geval het, sal daar nie vir julle gevra word: 'Waar is die pleister waarmee julle dit gepleister het?' nie."
- 13 יהוה-God sê daarom: "Ek sal 'n gewelddadige wind in My toorn laat uitbreek. Daar sal ook 'n oorstromende reën kom in My woede en haelstene om dit in toorn te verteer.
- 14 So sal Ek die muur afbreek wat julle met kalk oorgepleister het en dit afbreek tot op die grond sodat sy fondament blootgelê word en wanneer dit val, sal julle te midde daarvan verteer word en julle sal weet dat Ek יהוה is.
- 15 So sal Ek My toorn laat uitwoed op die muur en op hulle wat dit met kalk oorgepleister het en Ek sal vir julle sê: 'Die muur is weg en sy pleisterraars,
- 16 die profete van Yisra'el wat profeteer vir Yerushalayim en wat visioene sien van vrede, wanneer daar geen vrede is nie, is weg,' verklaar יהוה-God.
- 17 Nou jy, seun van 'n mens, draai jou gesig teen die dogters van jou volk wat profeteer vanuit hulle eie inspirasie. Profeteer teen hulle
- 18 en sê: 'So sê יהוה-God: "Wee die vroue wat armbande borduur en bedekkings maak oor die kop van alle mense, groot en klein, om lewens te vang. Sal julle die lewens van My volk jag en julle eie lewens red?"
- 19 Julle het My oonteer by My volk vir hande vol gars en stukkies brood om sommiges wat nie moes sterf nie dood te maak en om ander in die lewe te hou wat nie moes geleef het nie, deur julle leuens aan My volk wat luister na leuens.'"
- 20 יהוה-God sê daarom: "Let op, Ek is teen julle borduurde klere waarmee julle lewens jag en Ek sal hulle van julle arms afskeur en Ek sal hulle laat gaan, selfs daardie lewens wat julle jag en hulle laat vlieg.
- 21 Ek sal ook julle sluiers afskeur en My volk uit julle hand bevry en hulle sal nie langer in julle hand wees om gejag te word nie en julle sal weet dat Ek יהוה is.
- 22 Omdat julle die onpartydige opregte mismoedig gemaak het met valsheid wanneer Ek hom geen droefheid aangedoen het nie, maar die bose oortreder aangemoedig het om nie van sy bose pad weg te draai en sy lewe te behou nie;

23 daarom sal julle vrouens geen vals visioene meer sien en geen waarsêery bedryf nie en Ek sal My volk uit julle hand bevry. So sal julle weet dat Ek יהוה is.”

14 1 Toe het sommige van die oudstes van Yisra'el na my toe gekom en voor my gaan sit.

2 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

3 “Seun van 'n mens, hierdie manne het hulle afgode in hulle verstand, wil en emosie opgestel en het die struikelblok van hulle onregverdigheid reg voor hulle gesigte neergesit. Sal Ek enigins deur hulle geraadpleeg word?

4 Praat daarom met hulle en sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Ek, יהוה, sal teen enige man uit die huis van Yisra'el wat sy afgode in sy verstand, wil en emosie opstel, die struikelblok van sy onregverdigheid reg voor sy gesig neersit en dan na die profeet toe kom, 'n Getuie wees, as gevolg van die menigte van sy afgode ^{2 Thes 2:11}

5 sodat Ek die huis van Yisra'el, wat van My vervreemd is deur al hulle afgode, in hulle verstand, wil en emosie kan aangryp.”

6 Sê daarom vir die huis van Yisra'el: ‘So sê יהוה-God: “Erken en draai weg van julle afgode af en draai julle gesigte weg van al julle verwerplikhede,

7 want Ek, יהוה, sal teen enige een uit die huis van Yisra'el of uit die vreemdelinge wat in Yisra'el bly, wat homself van My af afsonder, sy afgode in sy verstand, wil en emosie opstel en die struikelblok tot sy onregverdigheid reg voor sy gesig neersit en dan na die profeet toe kom om My vir homself te raadpleeg, 'n Getuie wees.

8 Ek sal My gesig draai teen daardie man en van hom 'n teken en 'n spreekwoord maak en Ek sal hom afsny uit die midde van My volk. So sal julle weet dat Ek יהוה is.

9 As die profeet egter oortuig word om 'n boodskap vir hom te bring, is dit Ek, יהוה, wat dié profeet oortuig het en Ek sal My hand teen hom uitstrek en hom vanuit die midde van My volk Yisra'el uit vernietig.

10 Hulle sal die straf van hulle oortredinge dra: soos die oortreding van die navraer is, so sal die oortreding van die profeet wees

11 sodat die huis van Yisra'el nie langer van My af wegdwaal en hulle nie langer onrein is deur al hulle oortredinge nie. Dan sal hulle My volk wees en Ek sal hulle God wees,” verklaar יהוה-God.”

12 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê: ^{Yir 14 en 15}

13 “Seun van 'n mens, as 'n land teen My sondig deur ontrouheid te pleeg en Ek My hand daarteen uitstrek en die voorsiening van brood vernietig, hongersnood teen dit stuur en daaruit afsny beide mens en dier,

14 selfs al was hierdie drie manne, Noag, Dani'el en Iyov, tussen hulle, sou hulle net hulleself deur hulle onpartydige opregtheid kon red,” verklaar יהוה-God.

15 As Ek wilde diere deur die land sou laat trek en hulle ontvolk dit en dit 'n verlatenheid word sodat niemand daar deurgaas as gevolg van die wilde diere nie,

16 al was hierdie drie manne in sy midde, so waar as Ek leef,” verklaar יהוה-God, “sou hulle nie seuns of dogters kon red nie. Hulle alleen sou gered word, maar die land sou verlate wees.

- 17 Of as Ek 'n swaard sou bring oor daardie land en sê: 'Laat die swaard deur die land gaan en mens en dier daarvan afsny,'
- 18 al was hierdie drie manne in sy midde, so waar as Ek leef," verklaar יְהוָה-God, "hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar hulle alleen sou bevry word.
- 19 Of as Ek 'n plaag sou stuur teen daardie land en My toorn daaroor uitgiet in bloed, om mens en dier daarvan af te sny,
- 20 al was Noag, Dani'el en Iyov in hulle midde, so waar as Ek leef," verklaar יְהוָה-God, "sou hulle geen seun of dogter bevry nie; hulle sou net hulleself bevry deur hul onpartydige opregtheid,"
- 21 want so sê יְהוָה-God: "Hoeveel te meer as Ek My vier oordele teen Yerushalayim stuur: die swaard, hongersnood, wilde diere en die plaag, om mens en dier daarvan af te sny!
- 22 Tog, let op, oorlewendes sal daarin oorbly wat uitgebring sal word, seuns en dogters. Let op, hulle sal uitkom na julle toe en julle sal hulle optrede en aksies kan sien; dan sal julle getroos word oor die katastrofe wat Ek teen Yerushalayim gebring het, oor alles wat Ek daarvoor gebring het.
- 23 Dan sal hulle julle troos wanneer julle hulle optrede en hulle aksies sien, want julle sal weet dat Ek nie tevergeefs gedoen het wat Ek ook al daaraan gedoen het nie," verklaar יְהוָה-God.

- 15** 1 Toe het die woord van יְהוָה tot my gekom en gesê:
- 2 "Seun van 'n mens, hoe is die hout van die wingerdstok beter as enige hout van 'n tak wat tussen die bome van die woud is?
- 3 Kan daar hout van gevat word om enige iets te maak, of vat 'n mens daarvan 'n pen om enige houer aan op te hang?
- 4 As dit in die vuur gesit word as brandstof en die vuur het beide sy twee ente en sy middelste stuk verkool, is dit dan bruikbaar vir enige iets?
- 5 Let op, terwyl dit heel is, word daar niks van gemaak nie; hoeveel minder, wanneer die vuur dit verteer het en dit verkool is, kan dit nog tot iets gemaak word!
- 6 יְהוָה-God sê daarom: 'Soos wat Ek die hout van die wingerdstok vanuit al die hout van die bos aan die vuur oorgegee het as brandstof, so het Ek die inwoners van Yerushalayim oorgegee
- 7 en Ek draai My gesig teen hulle. Alhoewel hulle uit die vuur uitgekom het, nogtans sal die vuur hulle verteer. Dan sal julle weet dat Ek יְהוָה is wanneer Ek My gesig teen hulle draai.
- 8 So sal Ek die land verlate maak omdat hulle ontrou gehandel het,'" verklaar יְהוָה-God.

- 16** 1 Toe het die woord van יְהוָה tot my gekom en gesê:
- 2 "Seun van 'n mens, maak aan Yerushalayim haar verwerplikhede bekend
- 3 en sê: 'So sê יְהוָה-God vir Yerushalayim: "Jou oorsprong en jou geboorte is uit die land van die Kena'niete; jou vader was 'n Emoriet en jou moeder 'n Hittiet.
- 4 Wat jou geboorte betref, op die dag toe jy gebore is, is jou naelstring nie geknip nie en jy is ook nie met water gewas om jou te reinig nie; jy is ook nie met sout ingevryf of in doeke toegedraai nie.

- 5 Geen oog het met jammerte na jou gekyk om vir jou een van hierdie dinge te doen, om vir jou om te gee nie. Jy is eerder op die oop veld uitgegooi, want jy is verafsku op die dag toe jy gebore is.
- 6 Toe Ek by jou verbygaan en jou sien spartel in jou bloed, het Ek vir jou gesê terwyl jy in jou bloed spartel: 'Leef!'
- 7 Ek het jou talryk gemaak soos die plante van die veld. Toe het jy gegroei en groot geword en die ouderdom bereik vir mooi ornamente; jou borste het gevorm en jou hare het gegroei en tog was jy naak en kaal.
- 8 Toe het Ek by jou verbygegaan en jou gesien en let op, jy het die tyd bereik vir liefde; Ek het dus My kleed oor jou uitgesprei en jou kaalheid toegemaak. ^{Open 19:8} Ek het ook vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan dat jy Myne geword het," verklaar יהוה-God.
- 9 Toe het Ek jou met water gewas, jou bloed van jou afgewas en jou met olie gesalf.
- 10 Ek het jou ook aangetrek met geborduurde lap en sandale van dugongvel aan jou voete gesit en Ek het jou toegedraai in fyn linne en jou bedek met sy.
- 11 Ek het jou met 'n kopband versier, armbande aan jou hande gesit en 'n ketting om jou nek.
- 12 Ek het 'n ring in jou neusgate gesit, oorringe aan jou ore en 'n pragtige kroon op jou kop.
- 13 So is jy versier met goud en silwer en jou klere was van fyn linne, sy en geborduurde materiaal. Jy het fyn meel, heuning en olie geëet en jy was uitermate mooi en het vooruitgegaan tot koninklikheid.
- 14 Toe het jou beroemdheid van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak as gevolg van My prag en grootsheid wat Ek aan jou oorgegee het," verklaar יהוה-God.
- 15 Jy het egter in jou skoonheid vertrou en gehoereer as gevolg van jou beroemdheid en jy het jou hoererye uitgestort op elke verbyganger wat gewillig sou wees.
- 16 Jy het van My klere gevat en vir jou kleurvolle hoë plekke versier en op hulle gehoereer. Hulle sal nie terug gebring word nie en ook nie joune wees nie.
- 17 Jy het ook jou mooi juweliersware wat uit My goud en My silwer gemaak is, wat Ek vir jou gegee het, gevat en jy het vir jou beelde van manne gemaak om daarmee te hoereer.
- 18 Toe het jy jou geborduurde klere gevat en hulle bedek en My olie en My wierook voor hulle geoffer.
- 19 Jy het ook My brood wat Ek vir jou gegee het, fyn meel, olie en heuning waarmee Ek jou gevoed het, voor hulle neergesit as 'n strelende reuk; so het dit gebeur," verklaar יהוה-God.
- 20 "Meer nog, jy het jou seuns en jou dogters, wat jy vir My geboorte aan gegee het, gevat en hulle aan afgode geoffer om verteer te word. Was jou hoererye dan so 'n klein sakie?
- 21 Jy het My kinders geslag en hulle aan afgode geoffer deurdat jy hulle deur die vuur laat gaan het. ^{Deut 18:10; 2 Kon 17:17; 2 Kon 21:6; 2 Kro 28:3}
- 22 Saam met al jou verwerplikhede en hoererye het jy nie die dae van jou jeug onthou, toe jy naak en kaal was en gespartel het in jou bloed nie.

- 23 Toe het dit gebeur ná al jou booshede; 'wee, wee jou!' verklaar יהוה-God,
- 24 "dat jy vir jouself 'n afgesonderde plek en 'n hoë plek op elke dorpsplein gemaak het.
- 25 Jy het vir jouself 'n hoë plek by elke straatuitgang gebou en jou skoonheid verwerplik gemaak en jou bene uitgestoot vir elkeen wat verbygaan om jou hoererye te vermenigvuldig.
- 26 Jy het ook met die Mitzrayimiete hoereer, jou wellustige bure en jou hoerery vermenigvuldig om My kwaad te maak.
- 27 Let nou op, Ek het My hand teen jou uitgestrek en jou rantsoene verminder en Ek het jou oorgegee aan die begeertes van hulle wat jou haat, die dogters van die F'lishtyne, wat hulle geskaam het oor jou hoererende optrede.
- 28 Meer nog, jy het gehoereer met die seuns van Ashur omdat jy nie bevredig was nie; jy het met hulle gehoereer en was steeds nie bevredig nie.
- 29 Jy het ook jou hoerery vermenigvuldig in die land van handelaars, die Kasdeërs, tog was jy ook daardeur nie bevredig nie."
- 30 "Hoe smagtend is jou verstand, wil en emosie," verklaar יהוה-God, "terwyl jy al hierdie dinge doen, die aksies van 'n hoer en rebelse vrou
- 31 deurdat jy jou aanbiddingsplek aan die begin van elke pad bou en jou altare in elke straat opstel en tog was jy nie so slim soos 'n hoer wat 'n prys vra nie.
- 32 Jou owerspelige vrou, wat vreemdelinge vat in plaas van haar man!
- 33 Manne gee geskenke aan alle hoere, maar jy gee jou geskenke aan al jou minnaars om hulle om te koop om van alle kante af na jou toe te kom vir jou hoerery.
- 34 So is jy anders as daardie vrouens in jou hoererye deurdat niemand hoereer soos jy nie omdat jy geld gee en geen geld word vir jou gegee nie; daarin is jy anders."
- 35 O, hoer, hoor en doen daarom die woord van יהוה.
- 36 So sê יהוה-God: "Omdat jou onkuisheid uitgestort is en jou naaktheid ontbloom is deur jou hoererye met jou minnaars en met al jou verwerplike afgode en as gevolg van die bloed van jou seuns wat jy vir afgode gegee het,
- 37 let daarom op, Ek sal al jou minnaars versamel waarmee jy plesier gehad het, almal wat jy liefgehad het en almal wat jy gehaat het. So sal Ek hulle van alle kante af teen jou bymekaarmaak en jou naaktheid aan hulle ontbloom sodat hulle jou volle naaktheid kan sien.
- 38 So sal Ek jou oordeel soos vroue wat owerspel pleeg en bloed vergiet geoordeel word en Ek sal die bloed van toorn en jaloesie op jou afbring.
- 39 Ek sal jou ook oorgee in die hand van jou minnaars en hulle sal jou afgesonderde plekke afbreek, jou hoë plekke verwoes, jou stroop van jou klere, jou juwele wegvat en jou naak en kaal los.
- 40 Hulle sal 'n skare mense teen jou aanhits, jou stenig en jou met hulle swaarde in stukke kap.
- 41 Hulle sal jou huise met vuur verbrand en oordele teen jou uitoefen voor die oë van baie vroue; dan sal Ek 'n einde aan jou hoerery maak en jy sal ook nie langer jou minnaars betaal nie.
- 42 So sal Ek My toorn teen jou kalmeer, My jaloesie sal van jou af weggaan en Ek sal kalm word en nie meer kwaad wees nie.

- 43 Omdat jy nie die dae van jou jeug onthou het nie, maar My woedend gemaak het met al hierdie dinge, let op, sal Ek daarenteen jou optrede op jou kop laat afkom,” verklaar יהוה-God “sodat jy nie hierdie boosheid bo en behalwe jou ander verwerplikhede sal doen nie.
- 44 Let op, elkeen wat spreekwoorde aanhaal, sal hierdie spreuk aangaande jou aanhaal en sê: ‘Soos die moeder, so ook die dogter.’
- 45 Jy is die dogter van jou moeder, wat ’n afsku gehad het aan haar man en haar kinders. Jy is ook die suster van jou susters, wat ’n afsku gehad het aan hulle mans en hulle kinders. Julle moeder was ’n Hittiet en julle vader ’n Emoriet.
- 46 Jou ouer suster is Shomron, wat noord van jou bly met haar dogters en jou jonger suster, wat suid van jou bly is S’dom met haar dogters.
- 47 Nogtans het jy nie slegs geleef volgens hulle lewenswyses en gedoen volgens hulle verwerplikhede nie, maar asof dit te min is, het jy in al jou optredes meer korrup opgetree as hulle.
- 48 So waar as Ek leef,” verklaar יהוה-God, “S’dom, jou suster en haar dogters, het nie gedoen soos jy en jou dogters gedoen het nie.
- 49 Let op, dít was die skuld van jou suster S’dom: sy en haar dogters het arrogansie, oorvloed kos en sorgelose gemak gehad, maar sy het nie die armes en behoeftiges gehelp nie.
- 50 Hulle was suinig en het verwerplikhede voor My gedoen; daarom het Ek hulle verwyder toe Ek dit gesien het.
- 51 Verder het Shomron nie die helfte van jou sondes gedoen nie, want jy het jou verwerplikhede vermenigvuldig, meer as hulle. So het jy jou susters onskuldig laat lyk deur al jou verwerplikhede wat jy gedoen het.
- 52 Dra ook jou skande daarin dat jy die oordeel vir jou susters gunstig gemaak het. Deur jou sondes waarin jy meer verwerplik opgetree het as hulle, is hulle meer in die reg as jy. Ja, skaam jou ook en dra jou skande daarin dat jy jou susters onskuldig laat lyk het.
- 53 Nogtans sal Ek hulle gevangenskap herstel, die gevangenskap van S’dom en haar dogters, die gevangenskap van Shomron en haar dogters en saam met hulle, jou gevangenskap
- 54 sodat jy jou vernedering kan dra en skaam voel oor alles wat jy gedoen het toe jy vir hulle ’n troos geword het.
- 55 Jou susters, S’dom met haar dogters en Shomron met haar dogters, sal na hulle vorige toestand terugkeer en jy met jou dogters sal na julle vorige toestand terugkeer.
- 56 Soos die naam van jou suster S’dom nie van jou lippe gehoor is in die dag van jou trotsheid,
- 57 voordat jou boosheid geopenbaar is nie, so het jy nou die spot van die dogters van Edom en van almal wat rondom haar is, van die dogters van die F’lishtyne, hulle wat rondom jou is, wat jou verag, geword.
- 58 Jy het die straf van jou boosheid en verwerplikhede gedra,” verklaar יהוה-God,
- 59 want so sê יהוה-God: “Ek sal ook met jou doen soos wat jy gedoen het, jy wat die eed geminag het deur die verbond te verbreek. ^{Yir 31:32}

- 60 Nogtans sal Ek My verbond met jou in die dae van jou jeug onthou en Ek sal 'n ewige verbond met jou oprig. ^{Yir 31:33}
- 61 Dan sal jy jou lewenswyse onthou en skaam wees wanneer jy jou susters ontvang, beide die ouer en die jonger en Ek sal hulle aan jou gee as dogters, maar nie as gevolg van jou verbond nie.
- 62 So sal Ek My verbond met jou bevestig en jy sal weet dat Ek יהוה is
- 63 sodat jy kan onthou en skaam wees en nooit weer jou mond oopmaak as gevolg van jou vernedering nie, wanneer Ek jou vergewe het vir alles wat jy gedoen het,” verklaar יהוה-God.

- 17** 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 2 “Seun van 'n mens, lê 'n raaisel voor aan die huis van Yisra'el en praat met hulle in 'n vergelykende storie
- 3 en sê: ‘So sê יהוה-God: “'n Groot arend met groot vlerke, lang vlerkvere, met 'n vol veelkleurige veredos, het na die L'vanon gekom en die top van die seder weggevat.
- 4 Hy het die heel boonste van sy jong takkies afgepluk en dit na die land van handelaars gebring; hy het dit neergesit in 'n stad van handelaars.
- 5 Hy het ook van die saad van die land gevat en dit in vrugbare grond geplant. Hy het dit langs oorvloedige waters neergesit en toe 'n wag daarvoor aangestel.
- 6 Toe het dit uitgespruit en 'n lae verspreidende rank geword met sy takke na hom toe gedraai en sy wortels onder hom. So het dit 'n wingerdstok geword en lote gevorm en takke uitgestuur.
- 7 Daar was egter 'n ander groot arend met groot vlerke en baie vere en let op, hierdie wingerdstok het sy wortels na hóm toe gebuig en sy ranke na hom toe uitgestuur vanuit die beddings waar dit geplant is; dat hy dit mag water gee.
- 8 Dit is in vrugbare grond langs oorvloedige waters geplant sodat dit takke kon maak, vrugte dra en 'n pragtige wingerdstok word.”
- 9 “Sê: ‘So sê יהוה-God: “Sal dit floreer? Sal hy nie sy wortels uitruk en sy vrugte afsny sodat dit verdroog sodat al sy blare verdroog nie? Nie deur groot krag of deur baie mense kan dit weer van sy wortels af opgelig word nie.
- 10 Let op, alhoewel dit geplant is, sal dit floreer? Sal dit nie heeltemal verdroog sodra die oostewind dit vang, verdroog op die beddings waar dit gegroei het nie?”
- 11 Weer het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 12 “Sê nou vir die rebelse huis: ‘Weet julle nie wat hierdie dinge beteken nie?’ Sê: ‘Let op, die koning van Bavel het na Yerushalayim toe gekom, sy koning en sy prinse gevat en hulle na hom toe in Bavel gebring. ^{2 Kon 24:10-25:30}
- 13 Hy het een uit die koninklike familie gevat en met hom 'n verbond gesluit en hom onder eed geplaas. Hy het ook die magtiges van die land weggevat
- 14 sodat die koninkryk in onderwerping sou wees en homself nie verhef nie, maar sy verbond sal hou sodat dit kan voortgaan.
- 15 Hy het egter teen hom gerebelleer deur sy afgevaardigdes na Mitzrayim te stuur sodat hulle vir hom perde en baie troepe sou gee. Sal hy suksesvol wees? Sal hy wat sulke dinge doen ontvlug? Kan hy inderdaad die verbond verbreek en ontvlug?

- 16 So waar as Ek leef,' verklaar יְהוָה-God, 'hy sal sekerlik, in die land van die koning wat hom op die troon gesit het, wie se eed hy geminag en wie se verbond hy verbreek het, in Bavel, sal hy sterf.
- 17 Farao, met sy groot leër en baie mense sal hom nie in oorlog help, as hulle walle opgooi en beleëringsmure bou om baie lewens af te sny, nie.
- 18 Hy het die eed geminag deur die verbond te verbreek en let op, hy het sy getrouheid belowe en tog al hierdie dinge gedoen; hy sal nie ontvlug nie.”
- 19 יְהוָה-God sê daarom: “So waar as Ek leef, Ek sal sekerlik My eed wat hy geminag het en My verbond wat hy verbreek het op sy kop laat afkom.
- 20 Ek sal My net oor hom uitsprei en hy sal in My strik gevang word. Dan sal Ek hom na Bavel bring en daar in die oordeel met hom tree weens die ontrou daad wat hy teen My gepleeg het.
- 21 Al sy keur manne, in al sy afdelings, sal deur die swaard val en die oorlewendes sal na al die windstreke verstrooi word en julle sal weet dat Ek, יְהוָה, gepraat het.”
- 22 So sê יְהוָה-God: “Ek sal van die hoë top van die seder 'n steggie vat en dit insit; Ek sal van die heel boonste van sy jong takkies 'n sagte een afpluk en dit op 'n hoë en verhewe berg plant.
- 23 Op die hoë berg van Yisra'el sal Ek dit plant sodat dit takke kan voortbring en vrugte dra en 'n deftige seder word. Voëls van elke soort sal onder dit nes maak; hulle sal nes maak in die skaduwee van sy takke.
- 24 Al die bome van die veld sal weet dat Ek יְהוָה is; Ek bring die hoë boom af, verhoog die nederige boom, verdroog die groen boom en laat die droë boom floreer. Ek is יְהוָה; Ek het gepraat en Ek sal dit uitvoer.”

- 18** 1 Toe het die woord van יְהוָה tot my gekom en gesê:
- 2 “Wat bedoel julle as julle hierdie spreekwoord gebruik aangaande die land van Yisra'el en sê: ‘Die vaders eet die groen druiwe, maar die seuns se tande word stomp’?
- 3 So waar as Ek leef,” verklaar יְהוָה-God, “julle sal sekerlik nie meer hierdie spreekwoord in Yisra'el gebruik nie.
- 4 Let op, al die lewens is Myne; die lewe van die vader, sowel as die lewe van die seun is Myne. Die lewe wat sondig, sal sterf. Eks 32:33; Rom 6:23
- 5 As 'n mens regverdig is en regverdig oordeel en onpartydige opregtheid praktiseer;
- 6 nie afgodsoffers op die berge eet of sy oë opslaan na die afgode van die huis van Yisra'el of sy naaste se vrou onteer of naby 'n vrou kom tydens haar maandstonde nie;
- 7 as iemand geen persoon onderdruk nie, maar aan die skuldenaar sy waarborg teruggee; nie roof nie, maar sy brood gee vir die hongeres en die wat kaal is, met klere toemaak;
- 8 nie geld uitleen op rente of meer terugvat nie; as hy sy hand terughou van oortreding en ware oordeel uitspreek tussen man en man
- 9 en in My instellings en in My regverdige oordele loop, deur getrou op te tree, is hy onpartydig opreg en sal sekerlik leef,” verklaar יְהוָה-God.

- 10 As hy geboorte gee aan 'n gewelddadige seun, wat bloed vergiet en enige van hierdie bose dinge doen;
- 11 wat afgodsoffers eet op die berge, sy naaste se vrou onteer,
- 12 wat die armes en behoeftiges onderdruk, sy naaste afpers, die waarborg nie teruggee aan sy eienaar nie, sy oë oplik na die afgode en verwerplike dinge doen,
- 13 geld uitleen met rente en meer vat; sal hy dan lewe? Hy sal nie lewe nie! Hy het al hierdie verwerplikhede gedoen, hy sal sekerlik doodgemaak word; sy bloed sal op homself wees.
- 14 As hy egter 'n seun het wat al die sondes sien wat sy vader gedoen het en nie dieselfde doen nie:
- 15 hy eet nie afgodsoffers op die berge en slaan nie sy oë op na die afgode van die huis van Yisra'el, of onteer die vrou van sy naaste nie;
- 16 verdruk niemand of hou 'n waarborg terug of roof nie, maar gee sy brood vir die hongerdes en bedek die wat kaal is met klere;
- 17 hy weier nie om die armes te help nie en vat geen rente op skuld of oormatige wins nie, maar voer My regverdige oordele uit en leef in My instellings, sal hy nie sterf vir sy vader se oortredinge nie, hy sal sekerlik leef.
- 18 Wat sy vader betref: omdat hy afpersing toegepas het, sy broer beroof het en onder sy volk gedoen het wat nie goed is nie, let op, hy sal vir sy oortredinge sterf.
- 19 Nogtans sê julle: 'Waarom sou die seun nie die straf vir die vader se oortredinge dra nie?' Wanneer die seun regverdigheid en onpartydige opregtheid gepraktiseer het en al My instellings onderhou en dit gedoen het, sal hy sekerlik leef!
- 20 Die persoon wat sondig sal sterf. ^{Eks 32:33}; Die seun sal nie die straf dra vir die vader se oortredinge nie en die vader sal ook nie die straf dra vir die seun se oortredinge nie; die regverdigheid van die onpartydig opregte sal op homself wees en die boosheid van die bose oortreder sal op homself wees. ^{Eks 20:5; 34:7; Deut 24:16; 2 Kon 14:6; Yir 31:30}
- 21 As die bose oortreder wegdraai van al sy sondes wat hy gedoen het en al My instellings onderhou, regverdig oordeel en onpartydige opregtheid toepas, sal hy sekerlik leef, hy sal nie sterf nie.
- 22 Al sy oortredinge wat hy gedoen het, sal nie teen hom onthou word nie; as gevolg van sy onpartydige opregtheid wat hy praktiseer het, sal hy lewe.
- 23 Het Ek enige behae in die dood van die bose oortreder," verklaar יהוה -God, "eerder as dat hy sal wegdraai van sy lewenswyse af en leef?" ^{1 Tim 2:4}
- 24 As die onpartydig opregte man egter wegdraai van regverdigheid, oortredinge pleeg en doen volgens al die verwerplikhede wat die bose oortreder doen, sal hy dan leef? Al sy onpartydig opregte dade wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie; vir sy troueloosheid wat hy gedoen het en sy sonde wat hy gedoen het, vir hulle sal hy sterf.
- 25 Nogtans sê julle: 'Die pad van יהוה is nie reg nie. Hoor en luister nou, o huis van Yisra'el! Is My pad nie reg nie? Is dit nie julle paaie wat nie reg is nie?
- 26 Wanneer 'n regverdige man wegdraai van sy onpartydige opregtheid, oortredinge doen en sterf as gevolg daarvan, sal hy sterf vir die oortredinge wat hy gedoen het.

- 27 Weer, wanneer die bose oortreder wegdraai van sy boosheid wat hy gedoen het en regverdigheid en onpartydige opregtheid doen, sal hy sy lewe red.
- 28 Omdat hy dit oorweeg het en weggedraai het van sy oortredinge wat hy gedoen het, sal hy sekerlik leef, hy sal nie sterf nie.
- 29 Die huis van Yisra'el sê egter: 'Die pad van יהוה is nie reg nie.' Is My paaie nie reg nie, o huis van Yisra'el? Is dit nie julle paaie wat nie reg is nie?
- 30 Ek sal julle daarom oordeel, o huis van Yisra'el, elkeen volgens sy optrede," verklaar יהוה-God. "Erken en draai weg van al julle oortredinge sodat onregverdigheid nie vir julle 'n struikelblok kan word nie.
- 31 Gooi al julle oortredinge, wat julle gedoen het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie ^{Efe 4:23} en 'n nuwe gees, want waarom wil julle sterf, o huis van Yisra'el?
- 32 Want Ek het geen behae in die dood van enige een wat sterf nie," verklaar יהוה-God. "Erken daarom, draai weg en leef."

- 19** 1 "Wat jou betref, hef 'n klaaglied op vir die prinse van Yisra'el, 2 en sê: 'Wat was jou moeder? 'n Leeuin tussen die leeus! Sy het tussen jong leeus gelê, sy het haar kleintjies grootgemaak.
- 3 Wanneer sy een van haar kleintjies grootgemaak het, het hy 'n leeu geword en hy het geleer om sy prooi te verskeur, hy het mense geëet.
- 4 Toe het nasies van hom gehoor; hy is in hulle vangkuil gevang en hulle het hom met hake na die land van Mitzrayim gebring. ^{2 Kon 23:30-34}
- 5 Toe sy, terwyl sy wag, sien dat haar hoop verlore is, het sy 'n ander een van haar kleintjies gevat en hom 'n jong leeu gemaak.
- 6 Hy het rondgelopen tussen die leeus; hy het 'n jong leeu geword en geleer om sy prooi te verskeur; hy het mense geëet.
- 7 Hy het hulle versterkte torings vernietig en hulle stede verwoes; die land en sy volheid was verskrik as gevolg van die klank van sy gebrul.
- 8 Toe het nasies uit die provinsies rondom hom hulle teen hom opgestel en hul net oor hom uitgesprei; hy is in hulle vangkuil gevang
- 9 en hulle het hom in 'n hok gesit aan hake en hom na die koning van Bavel gebring; hulle het hom in vestings gebring sodat sy stem nie meer gehoor sou word op die berge van Yisra'el nie. ^{2 Kon 23:34-24:17}
- 10 Jou moeder was soos 'n wingerdstok in jou rustige tyd; by waters is dit geplant; dit was vrugbaar en vol ranke vanweë die baie waters
- 11 en dit het sterk takke gekry om as septeers vir heersers te dien en sy top was hoog tussen die digte takke in en dit het hom vertoon in sy hoogte, in die menigte van sy ranke,
- 12 maar dit is in woede uitgeruk en teen die grond gegooi en die oostewind het sy vrugte uitgedroog; sy sterk lote is afgeruk en het verdroog; die vuur het dit verteer.
- 13 Nou is dit in die woestyn geplant, in 'n dor en dorstige land.
- 14 Vuur het uitgegaan uit sy beste takke en sy vrugte verteer en geen sterk tak is daarin gevind om die septer van 'n heerser te word nie. ^{Yir 36:30} 'n Klaaglied is dit en 'n klaaglied het dit geword.

- 20** 1 In die sewende jaar, in die vyfde maand, op die tiende van die maand, het sekere van die oudstes van Yisra'el gekom om יהוה te raadpleeg en hulle het voor my gesit.
- 2 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 3 “Seun van 'n mens, praat met die oudstes van Yisra'el en sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Kom julle om My te raadpleeg? So waar as Ek leef,” verklaar יהוה-God, “Ek sal My nie laat raadpleeg deur julle nie.”’
- 4 Sal jy hulle oordeel, sal jy hulle oordeel, seun van 'n mens? Laat hulle die verwerplikhede van hulle vaders ken
- 5 en sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Op die dag toe Ek Yisra'el gekies het en tot die nageslag van die huis van Ya'akov gesweer het en My aan hulle bekend gemaak het in die land van Mitzrayim; toe Ek vir hulle gesweer en gesê het: ‘Ek is יהוה, julle God,’
- 6 op dié dag het Ek vir hulle gesweer, om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring na 'n land wat Ek vir hulle gekies het, wat vloei met melk en heuning, die lof en eer van alle lande.
- 7 Ek het vir hulle gesê: ‘Elkeen van julle, gooi die verfoeilike dinge van voor jou oë weg en moet julle nie onteer met die afgode van Mitzrayim nie; Ek is יהוה, julle God.’
- 8 Hulle het egter teen My rebelleer en was nie gewillig om na My te luister en te doen nie; hulle het nie die verwerplike dinge van voor hulle oë weggegooi of die afgode van Mitzrayim laat staan nie. Toe het Ek vas besluit om My toorn oor hulle uit te giet, om My toorn teen hulle te laat uitwoed in die land van Mitzrayim,
- 9 maar Ek het gehandel ter wille van My Naam (Karakter en Outoriteit) sodat dit nie onteer sou word in die oë van die nasies onder wie hulle was, voor wie se oë Ek My bekend gemaak het aan hulle, om hulle uit Mitzrayim uit te bring, nie.
- 10 Ek het hulle uit Mitzrayim uitgevat en hulle in die woestyn ingebring.
- 11 Ek het vir hulle My instellings gegee en hulle ingelig oor My regverdige oordele, waarby, as die mens hulle gehoorsaam, hy sal leef.
- 12 Ek het ook vir hulle My Shabbatte gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle sodat hulle kan weet dat Ek יהוה is wat hulle afsonder, ^{Yes 56:2-6}
- 13 maar die huis van Yisra'el het teen My rebelleer in die wildernis. Hulle het nie in My instellings geloop nie en hulle het My regverdige oordele verwerp, waardeur, as 'n mens hulle doen, hy sal leef en My Shabbatte het hulle grootliks onteer. Toe het Ek vas besluit om My toorn in die wildernis oor hulle uit te giet om hulle uit te wis.
- 14 Ek het egter opgetree ter wille van My Naam sodat dit nie onteer sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgebring het nie.
- 15 Ek het in die wildernis ook tot hulle gesweer dat Ek hulle nie sou bring in die land wat Ek vir hulle gegee het, wat vloei met melk en heuning, wat die lof en eer van al die lande is, nie
- 16 omdat hulle My regverdige oordele verwerp het en nie in My instellings geloop het nie; hulle het selfs My Shabbatte onteer, want hulle verstand, wil en emosie het aanhoudend agter hul afgode aangeloop.

- 17 Nogtans het My oog hulle gespaar eerder as om hulle te vernietig en Ek het nie hulle uitwissing in die wildernis veroorsaak nie.
- 18 Ek het vir hulle seuns in die wildernis gesê: 'Moenie in die instellings van julle vaders loop of hulle voorskrifte hou nie of julleself met hulle afgode onteer nie.
- 19 Ek is יהוה, julle God; loop in My instellings en hou My voorskrifte en doen hulle.
- 20 Sonder My Shabbatte af en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle dat julle kan weet dat Ek יהוה, julle God, is.'
- 21 Die seuns het egter teen My rebelleer: hulle het nie in My instellings geloop en was nie versigtig om My voorskrifte na te kom nie, waardeur, as 'n mens hulle hou, hy sal lewe. Hulle het My Shabbatte onteer, dus het Ek vas besluit om My toorn teen hulle uit te stort, om My toorn in die wildernis teen hulle te laat uitwoed,
- 22 maar Ek het My hand teruggetrek en opgetree ter wille van My Naam (Karakter en Outoriteit) sodat dit nie onteer sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitbring het nie.
- 23 Ek het ook vir hulle gesweer in die wildernis dat Ek hulle sal verstrooi onder die nasies en hulle sal versprei onder die lande
- 24 omdat hulle nie My regverdige oordele nagekom het nie, maar My instellings verwerp het en My Shabbatte onteer het en hulle oë was op die afgode van hulle vaders;
- 25 daarom het Ek ook vir hulle instellings gegee oor wat nie goed was nie en voorskrifte oor dit waarvolgens hulle nie moet lewe nie
- 26 en Ek het dat hulle hulself onrein maak deur hulle geskenke, toe hulle al hul eersgeborenes deur die vuur geoffer het sodat Ek hulle kon vernietig en hulle kon weet dat Ek יהוה is. ^{Hand 7:43}”
- 27 Seun van 'n mens, praat daarom met die huis van Yisra'el en sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Tog het julle vaders op hierdie presiese manier sleg gepraat van My deur troueloos teen My op te tree.
- 28 Toe Ek hulle in die land ingebring het wat Ek gesweer het om vir hulle te gee, het hulle elke hoë heuwel en elke blaarryke boom gesien en hulle het daar hulle offers geoffer en daar die uitdaging van hulle offers aangebied. Daar het hul ook hulle kalmerende aromas gebring en daar het hul hul drankoffers uitgegiet.
- 29 Toe het Ek vir hulle gesê: ‘Wat is die hoë plek waarheen julle gaan?’ Dit word “Bamah” (hoë plek) genoem tot vandag toe;”
- 30 daarom, sê vir die huis van Yisra'el: ‘So sê יהוה-God: “Sal julle juis onteer op die manier van julle vaders en hoereer agter hulle verwerplikhede aan?
- 31 Wanneer julle jul gawes offer, wanneer julle jul seuns deur die vuur laat gaan, ontreinig julle juis deur al julle afgode tot vandag toe. Sal ek My laat raadpleeg deur julle, o huis van Yisra'el? So waar as Ek leef,” verklaar יהוה-God, “Ek sal My nie deur julle laat raadpleeg nie!
- 32 Wat in julle gedagtes opkom sal nie gebeur nie, wanneer julle sê: ‘Ons sal soos die nasies wees, soos die stamme van die lande, deur hout en klip te dien.’ ^{Y'ho 24:15-27}
- 33 So waar as Ek leef,” verklaar יהוה-God, “Ek sal sekerlik met 'n magtige hand, met 'n uitgestrekte arm en met toorn uitgestort, oor julle Koning wees.

- 34 Ek sal julle uitbring vanuit die volke en julle versamel vanuit die lande waar julle verstrooi is, met 'n magtige hand, met 'n uitgestrekte arm en deur uitgestorte toorn
- 35 en Ek sal julle bring in die wildernis van die volke en daar sal Ek van gesig tot gesig met julle in die oordeel tree.
- 36 Soos wat Ek met julle vaders in die wildernis van Mitzrayim in die oordeel getree het, so sal Ek met julle in die oordeel tree,” verklaar יהוה-God.
- 37 Ek sal julle onder My staf onderwerp en julle bring in die dissipline van die verbond.
- 38 Ek sal die rebelle en die wat teen My oortree onder julle uitsuiwer; Ek sal hulle uit die land waar hulle as besoeker bly uitbring, maar hulle sal nie in die land van Yisra'el ingaan nie. So sal julle weet dat Ek יהוה is.
- 39 Wat julle betref, o huis van Yisra'el,” so sê יהוה-God: “Gaan, dien elkeen sy afgode, maar later sal julle sekerlik na My luister en My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie langer onteer met julle gawes en julle afgode nie,
- 40 want op My afgesonderde berg, op die hoë berg van Yisra'el,” verklaar יהוה-God, “daar sal die hele huis van Yisra'el, almal van hulle, My dien in die land; daar sal Ek hulle aanvaar en daar sal Ek julle bydraes en die keur van julle gawes soek, saam met al julle afgesonderde dinge.
- 41 Ek sal jou aanvaar as 'n strelende aroma wanneer Ek julle uit die volke uitbring en julle bymekaarmaak uit die lande waar julle verstrooi is en Ek sal Myself as afgesonderd tussen julle bewys voor die oë van die nasies
- 42 en julle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek julle in die land van Yisra'el bring, in die land wat Ek gesweer het om aan julle vaders te gee.
- 43 Daar sal julle al jul lewenswyses en al julle dade waarmee julle jul verontreinig het onthou en julle sal juisself verafsku in julle eie oë vir al die bese dinge wat julle gedoen het.
- 44 Dan sal julle weet dat Ek יהוה is as Ek met julle gehandel het ter wille van My Naam (Karakter en Outoriteit) en nie volgens julle bese lewenswyses of julle korrupte dade nie, o huis van Yisra'el,” verklaar יהוה-God.
- 45 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 46 “Seun van 'n mens, draai jou gesig na Teman (regs na die suide) en praat teen Darom (suide) en profeteer teen die woude van die suide
- 47 en sê vir die woude van die suide: ‘Luister na die woord van יהוה: So sê יהוה-God: “Let op, Ek gaan 'n vuur in jou aan die brand steek wat elke groen boom in jou en elke droë boom sal verteer; die gloeiende vlam sal nie uitgeblus word nie en die hele oppervlakte, van die suide af tot by die noorde, sal daardeur verbrand word.
- 48 Alle vlees sal sien dat Ek, יהוה, dit aangesteek het; dit sal nie uitgeblus word nie.””
- 49 Toe het ek gesê: “Ag, יהוה-God! Hulle sal vir my sê: ‘Jy praat in vergelykende stories.””

- 21** ¹ Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 2 “Seun van ’n mens, draai jou gesig na Yerushalayim en praat teen die afgesonderde plekke en profeteer teen die land van Yisra’el
- 3 en sê vir die land van Yisra’el: ‘So sê יהוה: “Let op, Ek is teen jou en Ek sal My swaard uit sy skede trek en die regverdige en die bose oortreder van jou af afsny.
- 4 Aangesien Ek die regverdige en die bose oortreder van jou sal afsny, sal My swaard uit sy skede uitgaan teen alle vlees, vanaf die suide tot by die noorde.
- 5 So sal alle vlees weet dat Ek, יהוה, My swaard uit sy skede getrek het. Dit sal nie weer daarheen terugkeer nie.”
- 6 “Wat jou betref, o seun van ’n mens, kreun van ’n gebroke binneste en bitter droefheid, kreun voor hulle oë.
- 7 Wanneer hulle vir jou sê: ‘Waarom kreun jy?’ moet jy antwoord: ‘As gevolg van die nuus wat kom en elke binneste sal laat smelt, alle hande sal laat slap word en elke gees sal laat flou word en al die knieë soos water sal laat swak wees.’ Let op, dit kom en dit sal gebeur, verklaar יהוה-God.”
- 8 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
- 9 “Seun van ’n mens, profeteer en sê: ‘So sê יהוה.’ Sê: ‘n Swaard, ’n swaard is skerp gemaak en gepoleer!
- 10 Skerp gemaak vir ’n groot slagting, gepoleer om te flits soos weerlig!’ Skerp gemaak om die familie van My Seun af te sny en elke ander tak te verwerp. ^{Open 12:17; 21:7}
- 11 Ek het dit gegee om gepoleer te word sodat dit hanteer kan word; die swaard is skerp gemaak en gepoleer om dit in die hand van hom wat doodslaen te gee.
- 12 Skree uit en huil, seun van ’n mens, want dit is teen My volk, dit is teen al die amptenare van Yisra’el. Klap jou hande, want die katastrofe is geregverdig,
- 13 as die koninklike familie verwerp word, sal dit nie meer wees nie.” verklaar יהוה-God.
- 14 “Jy daarom, seun van ’n mens, profeteer en klap jou hande saam en laat die swaard drie maal verdubbel word, die swaard wat doodmaak. Dit is die swaard vir die groot doodmaak wat rondom hulle is
- 15 sodat hulle binneste kan smelt en baie by al hulle poorte val. Ek het die blinkende swaard gegee. Ag, dit is gemaak om soos weerlig te slaan, dit is toegedraai in gereedheid vir ’n slagting.
- 16 Hou styf vas met die regterhand; hou styf vas met die linkerhand, waarheen jou gesig ook al gerig is.
- 17 Ek sal ook My hande saam klap en My toorn bevredig; Ek, יהוה, het gepraat.”
- 18 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 19 “Wat jou betref, seun van ’n mens, maak twee paaie vir die swaard van die koning van Bavel om te kom; beide van hulle moet uit een land uitgaan en maak ’n wegwysers; maak dit aan die begin van die pad na die stad.
- 20 Jy moet ’n pad uitmerk vir die swaard om na Rabbah, van die seuns van ’Ammon, en na Y’hudah, in die versterkte stad Yerushalayim, te kom,

- 21 want die koning van Bavel staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om waarsêery te gebruik; hy skud die pyle, raadpleeg die huisgode, bestudeer die lewer.
- 22 Die voorspelling kom in sy regterhand: 'Yerushalayim;' om stormramme op te stel, om die mond oop te maak vir 'n slagting, om die stem op te lig met krygsgeroep, om stormramme op te stel teen die poorte, om walle op te gooi, om 'n beleëringsmuur te bou.
- 23 Dit sal vir hulle soos 'n valse waarsêery wees in hul oë; hulle het plegtige ede gesweer, maar hy bring die oortredinge in herinnering dat hulle gegryp kan word;
- 24 daarom, so sê יהוה-God: 'Julle sal met die hand gegryp word omdat julle onthou het en julle jul oortredinge in herinnering geroep het en daardeur julle oortredinge openbaar het sodat julle sondes in al julle dade sigbaar kan wees.
- 25 Jy, neergeslaande, bese oortreder, prins van Yisra'el, wie se dag gekom het in die tyd van die straf aan die einde,'
- 26 so sê יהוה-God: 'Verwyder die tulband en haal die kroon af; hierdie sal nie langer dieselfde wees nie. Verhoog die wat laag is en verlaag die trotses!
- 27 'n Puinhoop, 'n puinhoop, 'n puinhoop sal Ek dit maak. Hierdie sal ook nie meer wees nie totdat Hy kom Wie se reg dit is en Ek sal dit aan Hom gee.'
- 28 Jy, seun van 'n mens, profeteer en sê: 'So sê יהוה-God aangaande die seuns van 'Ammon en hulle spottery: 'n Swaard, 'n swaard is getrek, gepoleer vir die slagting om dit te laat verteer sodat dit soos weerlig kan wees
- 29 terwyl hulle vir jou valse visioene sien en terwyl hulle vir jou leuens voorspel, om jou op die nekke van die bese oortreder te sit wat neergeslaan is, wie se dag gekom het in die tyd van die straf van die einde!
- 30 Steek dit terug in die skede. In die plek waar jy geskape is, in die land van jou oorsprong, sal Ek jou oordeel.
- 31 Ek sal oor jou My verontwaardiging uitgiet; Ek sal op jou blaas met die vuur van My toorn en jou oorgee in die hand van brutale manne, bekwaam in vernietiging.
- 32 Jy sal brandstof wees vir die vuur; jou bloed sal in die land wees; jy sal nie onthou word nie, want Ek, יהוה, het gepraat.'"

22 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

- 2 "En jy, seun van 'n mens, wil jy oordeel, wil jy die bloedstad oordeel? Maak dan dat sy al haar verwerplikhede ken.
- 3 Jy moet sê: 'So sê יהוה-God: "'n Stad wat bloed vergiet in haar midde sodat haar tyd kan kom en wat afgode teen haarself maak, tot ontering!
- 4 Deur die bloed wat jy vergiet het, het jy skuldig geword en deur jou afgode wat jy gemaak het, is jy verontreinig; so het jy jou dag verhaas en by jou jare gekom; daarom maak Ek jou tot 'n beskuldiging vir die nasies en 'n spot vir al die lande.
- 5 Die wat naby en die wat ver van jou af is, sal jou bespot, jy met 'n swak reputasie, vol verwarring!
- 6 Let op, die heersers van Yisra'el was in jou, elkeen volgens sy krag, was in jou met die doel om bloed te vergiet.

- 7 Hulle het vader en moeder in jou ligtelik behandel, die vreemdeling in jou onderdruk; die wees en die weduwee in jou onregverdig behandel.
- 8 Jy het My afgesonderde dinge geminag en My Shabbatte onteer.
- 9 Kwaadsprekers was daar in jou met die doel om bloed te vergiet en by jou het hulle op die bergplekke geëet en booshede in jou midde gedoen.
- 10 Hulle het die skaamte van die vader se naaktheid in jou ontbloot; in jou het hulle haar wat onrein was deur maandstondelike onreinheid, onteer.
- 11 Een het 'n verwerplike ding gedoen met die vrou van sy naaste en 'n ander het sy skoon dogter met onkuisheid onteer en 'n derde in jou het sy suster, sy vader se dogter, verneder.
- 12 Hulle het omkoopgeskenke in jou aangeneem om bloed te vergiet; jy het rente en winste gevat en jou naaste skade aangedoen deur hom te veel te laat betaal deur onderdrukking en jy het My vergeet," verklaar יהוה -God.
- 13 Let dan op, Ek klap My hande in woede oor jou onregverdige wins wat jy gemaak het en oor jou bloedvergiëting wat onder julle is.
- 14 Kan jou binneste standhou of jou hande onveranderlik sterk wees in die dae wat Ek met jou sal handel? Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen.
- 15 Ek sal jou onder die nasies verstrooi en jou deur die lande versprei en Ek sal jou onreinheid uit jou uit verteer.
- 16 Jy sal jouself onteer voor die oë van die nasies en jy sal weet dat Ek יהוה is."'''
- 17 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 18 "Seun van 'n mens, die huis van Yisra'el het vir My vuilgoed geword; hulle is almal koper, tin, yster en lood binne die smeltoond; hulle is die skuim van silwer;
- 19 daarom, so sê יהוה -God: 'Omdat julle almal vuilgoed geword het, let op, Ek sal julle in die middel van Yerushalayim bymekaar maak.
- 20 Soos wat hulle silwer, koper, yster, lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaarmaak om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in My woede en in My toorn en julle ingooi en smelt.
- 21 Ek sal julle bymekaar maak en met die vuur van My toorn op julle blaas en julle sal dáárin gesmelt word.
- 22 Soos silwer in die smeltoond gesmelt word, so sal julle dáárin gesmelt word en julle sal weet dat Ek, יהוה, My toorn oor julle uitgegiet het.'''' Spr 25:4
- 23 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 24 "Seun van 'n mens, sê vir haar: 'Jy is 'n land wat nie gereinig is, wat nie reën gekry het in die dag van verontwaardiging nie.'
- 25 Daar is 'n sameswering van haar profete in haar midde soos 'n brullende leeu wat die prooi verskeur. Hulle het lewens verteer; skatte en kosbare dinge weggevat; hulle het baie weduwees in haar midde gemaak.
- 26 Haar priesters verkrag My wet en onteer My afgesonderde dinge; hulle maak geen onderskeiding tussen afgesonderde en onteerde nie en die verskil tussen onrein en rein leer hulle nie; hulle maak hul oë toe vir My Shabbatte en Ek word onder hulle onteer.
- 27 Haar prinse is in haar soos wolwe wat die prooi verskeur, deur bloed te vergiet en lewens te vernietig om onregverdige wins te maak.

- 28 Haar profete het vir hulle wit kalk gesmeer deur valse visioene te sien en vir hulle leuens te voorspel met die woorde: 'So sê יהוה'-God,' wanneer יהוה nie gepraat het nie.
- 29 Die mense van die land het onderdrukking toegepas en diefstal gepleeg; hulle het die armes en behoeftiges ingedoen en die vreemdeling onderdruk sonder regverdige oordeel.
- 30 Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor My Teenwoordigheid in die bres kan tree vir die land sodat Ek dit nie sou verwoes nie, maar Ek het niemand gevind nie; ^{Ps 106:23}
- 31 daarom het Ek My verontwaardiging oor hulle uitgegiet; Ek het hulle deur die vuur van My toorn verteer; Ek het hulle lewenswyse op hulle kop laat neerkom," verklaar יהוה'-God. ^{Rom 1:21}

23 1 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:

- 2 "Seun van 'n mens, daar was twee vroue, dogters van een moeder.
- 3 Hulle het in Mitzrayim hoereer; in hul jeug het hulle hoereer; daar is hul borste gedruk en daar is hul maagdelike borste hanteer.
- 4 Hulle name was: Oholah, die oudste en Oholivah, haar suster en hulle het Myne geword en geboorte gegee aan seuns en dogters. Wat hulle name betref: Shomron is Oholah en Yerushalayim is Oholivah.
- 5 Oholah het gehoereer terwyl sy Myne was en sy het na haar minnaars, vanaf Ashur, haar bure,
- 6 wat in persblou aangetrek was, goewerneurs en amptenare, almal begeerlike jongmanne, ruiters wat op perde ry, gesmag.
- 7 Sy het haar hoererye op hulle uitgestort, almal wat die keur manne uit Ashur was en met almal waarna sy gesmag het, met al hulle afgode het sy haarself verontreinig.
- 8 Sy het nie haar hoererye, vanaf die tyd in Mitzrayim, laat staan nie, want in haar jeug het manne by haar gelê en hulle het haar maagdelike borste hanteer en hul luste op haar uitgestort.
- 9 Ek het haar daarom oorgegee in die hand van haar minnaars, in die hand van hulle van Ashur, na wie sy gesmag het.
- 10 Hulle het haar naaktheid ontbloot; haar seuns en haar dogters gevat, maar haar met die swaard doodgemaak en so het sy 'n bywoord onder vroue geword en hulle het oordeel oor haar voltrek.
- 11 Haar suster Oholivah het dit gesien, nogtans was sy meer korrup in haar luste as sy en haar hoererye was meer as die hoerery van haar suster.
- 12 Sy het gesmag na die seuns van Ashur, goewerneurs en amptenare, die wat naby was, pragtig aangetrek, ruiters wat te perd ry, almal begeerlike jongmanne.
- 13 Ek het gesien dat sy haarself onteer het; hulle het beide dieselfde pad gevat.
- 14 Sy het haar hoerery vermeerder; sy het manne gesien wat op die muur afgeteken was, afbeeldinge van die Kasdeërs, geteken met kwiksulfied;
- 15 omgord met gordels om hulle heupe, met vloeiende tulbande op hulle koppe, almal het gelyk soos offisiere, soos die seuns van Bavel in die land van die Kasdeërs, hulle geboorteland.

- 16 Toe sy hulle sien, het sy na hulle gesmag en boodskappers na hulle toe gestuur, na die land van die Kasdeërs.
- 17 Die seuns van Bavel het na haar toe gekom, na die bed van liefde en haar verontreinig met hulle hoerery en nadat sy deur hulle verontrein is, het hulle haar gewalg.
- 18 Sy het haar hoererye en haar naaktheid openbaar; toe het sy My gewalg, soos wat haar suster My gewalg het.
- 19 Noggans het sy haar hoererye vermenigvuldig, die dae van haar jeug onthou toe sy 'n hoer in die land van Mitzrayim was.
- 20 Sy het gesmag na haar minnaars, wie se geslagsdele soos die geslagsdele van donkies is en hulle uitstorting soos die uitstorting van perde.
- 21 So het jy na die boosheid van jou jeug verlang, toe jou maagdelikheid in Mitzrayim verbreek is en die borste van jou jeug geliefkoos is.
- 22 יהוה-God sê daarom, o Oholivah: 'Let op, Ek sal jou minnaars aanhits teen jou, van wie jy vervreemd geraak het en Ek sal hulle van alle kante af teen jou bring:
- 23 die seuns van Bavel en almal van die Kasdeërs, P'kod, Shoa en Koa, al die seuns van Ashur saam met hulle; begeerlike jongmanne wat almal goewerneurs en amptenare is, offisiere en manne van aansien, wat almal op perde ry.
- 24 Hulle sal teen jou kom met wapens, strydwaens en waens en met 'n menigte van volke. Hulle sal hulleself rondom jou opstel met groot skilde, skilde en helms en Ek sal die oordeel aan hulle oorgee en hulle sal jou oordeel volgens hulle gewoonte.
- 25 Ek sal My jaloesie teen jou opstel dat hulle teen jou in toorn sal optree. Hulle sal jou neus en jou ore verwyder en jou oorlewendes sal deur die swaard val. Hulle sal jou seuns en jou dogters vat en jou oorlewendes sal deur vuur verteer word.
- 26 Hulle sal jou ook stroop van jou klere en jou pragtige juwele wegvat.
- 27 So sal Ek jou boosheid en jou hoerery vanaf die land van Mitzrayim laat ophou sodat jy nie meer jou oë sal oplig na hulle toe of Mitzrayim onthou nie.'
- 28 want so sê יהוה-God: 'Let op, Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jy haat, in die hand van hulle van wie jy vervreemd geraak het.
- 29 Hulle sal met jou handel in haat, al jou eiendom vat en jou naak en kaal laat staan. Die naaktheid van jou hoerery sal ontbloot word, beide jou onsedelikheid en jou hoererye.
- 30 Hierdie dinge sal aan jou gedoen word omdat jy hoereer het met die nasies en jouself met hulle afgode verontreinig het.
- 31 Jy het op die pad van jou suster geloop; daarom sal Ek haar beker in jou hand gee.'
- 32 So sê יהוה-God: 'Jy sal jou suster se beker drink wat diep en wyd is. Daar sal vir jou gelag word en jy sal bespot word, want dit bevat baie.
- 33 Julle sal volgemaak word met dronkenskap en smart, die beker van afgryse en verlatenheid, die beker van jou suster, Shomron.
- 34 Jy sal dit drink en leegmaak; dan sal jy sy skerwe knaag en jou borste oopskeur, want Ek het dit gesê,' verklaar יהוה-God.
- 35 יהוה-God sê daarom: 'Omdat jy My vergeet het en My agter jou rug weggegooi het, dra nou die straf van jou onsedelikhede en jou hoererye.'"

- 36 יהוה het nog meer vir my gesê: “Seun van ’n mens, wil jy Oholah en Oholivah oordeel? Verklaar dan aan hulle hul verwerplikhede,
 37 want hulle het owerspel gepleeg en daar is bloed aan hulle hande. So het hulle owerspel gepleeg met hulle afgode en selfs hul seuns, waaraan hulle vir My geboorte gegee het, deur die vuur laat loop, om verteer te word.” ^{Deut 18:10}
 38 Hulle het verder ook dit aan My gedoen: hulle het My Afgesonderde Plek op dieselfde dag verontreinig en My Shabbatte onteer,
 39 want wanneer hulle hul kinders vir hulle afgode geslag het, het hulle op dieselfde dag in My Afgesonderde Plek ingegaan om dit te onteer en let op, dit het hulle binne-in My huis gedoen.
 40 Verder het hulle vir manne wat van ver gekom het, gestuur, aan wie ’n boodskapper gestuur is en let op, hulle het gekom vir wie jy jou gewas, jou oë geverf en jouself met juwele versier het
 41 en jy het op ’n pragtige bank gesit met ’n tafel wat voor dit reggemaak is waarop jy My wierook en My olie neergesit het.
 42 Die klank van ’n sorgelose menigte was by haar; dronkaards is vanuit die wildernis gebring saam met gewone manne. Hulle het armbande aan die vroue se hande gesit en pragtige krone op hulle koppe.
 43 Toe het Ek aangaande haar wat uitgemergel is deur hoererye gesê: ‘Sal hulle nou owerspel pleeg met haar wat só is?’
 44 Hulle het egter by haar ingegaan soos ’n mens ingaan by ’n hoer; só het hulle ingegaan by Oholah en Oholivah, die onsedelike vroue.
 45 Onpartydig opregte manne sal hulle oordeel volgens die oordeel op owerspeelsters en volgens die oordeel op vroue wat bloed vergiet, want hulle is owerspeelsters en bloed is aan hulle hande,
 46 want so sê יהוה-God: ‘Bring ’n groep op teen hulle en gee hulle oor aan verskrikking en plunder.
 47 Die groep moet hulle met klippe stenig en hulle met hul swaarde afmaai; hulle sal hulle seuns en dogters doodmaak en hulle huise met vuur verbrand.
 48 So sal Ek hoerery laat ophou in die land sodat alle vroue gewaarsku is en nie hoerery beoefen soos wat julle gedoen het nie.
 49 Julle hoerery sal op julle vergeld word en julle sal die straf daarvan om afgode te aanbid dra; so sal julle weet dat Ek יהוה-God is.”

24 ¹ Die woord van יהוה het tot my gekom in die negende jaar, in die tiende maand, op die tiende van die maand en gesê:

- 2 “Seun van ’n mens, skryf vir jou die naam van die dag, hierdie selfde dag, neer. Die koning van Bavel het op hierdie selfde dag vir Yerushalayim beleër.
 3 Vertel ’n vergelykende storie aan die rebelse huis en sê vir hulle: ‘So sê יהוה-God: “Sit die pot op, sit dit op en gooi ook water daarin;
 4 sit die stukke daarin, elke goeie stuk, die boud en die blad; maak dit vol met die beste bene.
 5 Vat die beste van die kleinvee en stapel ook hout onder die pot. Laat dit sterk kook; ook die bene moet daarin kook.”

- 6 יהוה-God sê daarom: “Wee die bloedige stad, in die pot waarin roes is en waarvan die roes nie afgegaan het nie. Haal stuk vir stuk daaruit; sonder om ’n keuse te maak,
- 7 want die stad se bloed is binne-in haar; sy het dit op ’n kaal rots neergesit; sy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof toe te maak nie.
- 8 Ek het haar bloed op ’n kaal rots neergesit sodat dit toorn kan laat opkom om wraak te neem dat dit nie toegemaak kan word nie.”
- 9 יהוה-God sê daarom: “Wee die bloedige stad! Ék sal ook die stapel groot maak.
- 10 Stapel die hout op, steek die vuur aan, kook die vleis goed, meng die speserye in en laat die bene brand.
- 11 Laat dit dan leeg op sy kole staan dat dit warm kan wees en sy koper kan gloei en sy vuilheid kan smelt in hom, sy roes verteer word.
- 12 Sy het My moeg gemaak met ywer, nogtans het haar baie vuilheid nie van haar af weggegaan nie; haar vuilheid moet in die vuur!
- 13 Omdat jy jouself vuil gemaak het deur onsedelikheid en omdat Ek jou gereinig het, maar jy nie gereinig is van jou vuilheid nie, sal jy nie weer gereinig word totdat Ek My toorn op jou laat rus het nie.
- 14 Ek, יהוה, het gepraat; dit kom en Ek sal optree. Ek sal nie toegee nie, Ek sal nie jammer kry of berou hê nie; volgens jou lewenswyse en volgens jou optrede sal Ek jou oordeel,” verklaar יהוה-God.
- 15 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 16 “Seun van ’n mens, let op, Ek is op die punt om die begeerte van jou oë van jou af weg te vat met ’n slag, maar jy sal nie rou of huil nie en jou trane sal nie kom nie.
- 17 Kreun in stilte; rou glad nie oor die wat dood is nie; bind jou tulband aan en trek jou skoene aan jou voete; moenie jou snor bedek en die brood van die mense eet nie.”
- 18 Ek het in die oggend met die mense gepraat en in die aand het my vrou gesterf; in die oggend het ek gedoen soos ek beveel is.
- 19 Die mense het vir my gesê: “Wil u ons nie vertel wat hierdie dinge wat u doen vir ons beteken nie?”
- 20 Toe het ek hulle geantwoord: “Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 21 ‘Sê vir die huis van Yisra’el: “So sê יהוה-God: ‘Let op, Ek is op die punt om My Afgesonderde Plek te onteer, die trots van julle krag, die begeerte van julle oë en die vreugde van julle lewe en julle seuns en julle dogters wat julle laat agterbly het, sal deur die swaard val. Yir 52:13-23
- 22 Julle sal doen soos ek gedoen het; julle sal nie die snor bedek en die brood van die mense eet nie.
- 23 Julle tulbande sal op julle koppe wees en jul skoene aan julle voete. Julle sal nie rou of huil nie, maar julle sal wegteer in julle oortredinge en julle sal kreun teenoor mekaar.
- 24 So sal Yegezk’el vir julle ’n teken wees; volgens alles wat hy gedoen het, sal julle doen; wanneer dit kom, sal julle weet dat Ek יהוה-God is.
- 25 Wat jou betref, seun van ’n mens, sal dit nie op dié dag wees wanneer Ek hulle vesting van hulle af wegvat, die blydschap van hulle trots, die begeerte van hulle oë en die vreugde van hulle lewe, hulle seuns en hulle dogters,

26 dat op dié dag 'n vlugteling na jou toe sal kom met inligting vir jou ore nie?
 27 Op daardie dag sal jou mond oopgemaak word teenoor die vlugteling en jy sal praat en nie langer stom wees nie. So sal jy 'n teken wees vir hulle en hulle sal weet dat Ek יהוה is.”

25 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

2 “Seun van 'n mens, draai jou gesig teen die seuns van 'Ammon en profeteer teen hulle ^{Yir 49:1-6}

3 en sê vir die seuns van 'Ammon: ‘Hoor en luister na die woord van יהוה-God! So sê יהוה-God: “Omdat julle ‘Aha!’ uitgeroep het teen My Afgesonderde Plek toe dit onteer is en oor die land van Yisra'el, toe dit verlate gemaak is en teen die huis van Y'hudah toe hulle in ballingskap gegaan het;

4 daarom, let op, Ek gaan jou aan die seuns van die Ooste oorlewer as 'n besitting en hulle sal hul laers tussen jou opslaan en hul blyplek tussen julle maak; hulle sal jou vrugte eet en jou melk drink.

5 Ek sal van Rabbah 'n weiveld maak vir kamele en die seuns van 'Ammon 'n rusplek vir veetroppe. So sal julle weet dat Ek יהוה is,”

6 want so sê יהוה-God: “Omdat jy jou hande geklap, jou voete gestamp en bly was met al die veragting van jou verstand, wil en emosie teen die land van Yisra'el,

7 let op, Ek het daarom My hand teen jou uitgestrek en sal jou as buit vir die nasies gee en Ek sal jou afsny uit die volke en jou uit die lande verdelg; Ek sal jou vernietig. So sal jy weet dat Ek יהוה is.”

8 So spreek יהוה-God: “Omdat Mo'av en Se'ir sê: ‘Let op, die huis van Y'hudah is soos al die nasies,’

9 let op, Ek gaan daarom die sykant van Mo'av van sy stede ontnem, die stede wat op sy verste dele is, die sieraad van die land: Beit-Yeshimot, Ba'al-M'on en Kiryatayim

10 en dit, saam met die seuns van 'Ammon, vir die seuns van die Ooste as besitting gee sodat die seuns van 'Ammon nie onthou sal word onder die nasies nie.

11 So sal Ek oordeel uitoeven oor Mo'av en hulle sal weet dat Ek יהוה is.”

12 So sê יהוה-God: “Omdat Edom teen die huis van Y'hudah opgetree het deur wraak te neem en ernstige skuld aangegaan het en hulle op hulle gewreek het;”

13 daarom, so sê יהוה-God: “Ek sal ook My hand uitstrek teen Edom en mens en dier daarvan afsny en Ek sal dit 'n puinhoop maak; van Teman af tot by D'dan sal hulle deur die swaard val.

14 Ek sal My wraak op Edom lê deur die hand van My volk Yisra'el; daarom sal hulle in Edom optree volgens My woede en volgens My toorn,” verklaar יהוה-God.

15 So sê יהוה-God: “Omdat die F'lishtyne in wraak opgetree het en hulle gewreek het met minagting van lewens om met ewige vyandskap te vernietig;”

16 daarom, so sê יהוה-God: “Let op, Ek sal My hand uitstrek teen die F'lishtyne en selfs die K'retiërs afsny en die wat oorbly van die seekus vernietig.

17 Ek sal groot vergelding op hulle uitvoer met woedende teregwydings en hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek My wraak oor hulle bring.”””” ^{Yir 47}

- 26** 1 In die elfde jaar, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 2 “Seun van ’n mens, omdat Tzor aangaande Yerushalayim gesê het: ‘Aha, die poort van die volke is gebreek; dit het na my toe oopgemaak; ék sal vol word, sy is in puin gelê;’
- 3 daarom, so sê יהוה-God: ‘let op, Ek is teen jou, o Tzor en Ek sal baie nasies teen jou bring, soos die see sy golwe opstoot.
- 4 Hülle sal die mure van Tzor verwoes en haar torings afbreek en Ek sal haar puin van haar af wegvee en haar ’n kaal rots maak.
- 5 Sy sal binne-in die see ’n plek wees vir nete om te droog, want Ek het gepraat,’ verklaar יהוה-God; ‘en sy sal ’n buit vir die nasies word.
- 6 Haar dogters wat op die land is, sal ook met die swaard neergeslaan word en hulle sal weet dat Ek יהוה is,”
- 7 want so sê יהוה-God: “let op, Ek sal N’vukadnetzar, koning van Bavel, koning van konings, met perde, strydwaens, perderuiters en ’n groot weermag van die noorde af teen Tzor bring.
- 8 Hy sal jou dogters op die vasteland met die swaard doodmaak, beleëringsmure teen jou opstel, ’n wal teen jou gooi en ’n groot skild teen jou oprig.
- 9 Hy sal die slag van sy stormram teen jou mure draai en jou torings met sy byle afbreek.
- 10 As gevolg van die menigte van sy perde sal hulle stofwolk jou toedek; jou mure sal bewe deur die geraas van perderuiters, wiele en strydwaens as hy deur jou poorte ingaan, soos ’n mens ’n stad binnegaan wat oopgebreek is.
- 11 Hy sal met die hoewe van sy perde al jou strate vertrap; jou mense sal hy met die swaard doodmaak en jou sterk klippilare sal op die grond val.
- 12 Hulle sal ook ’n buit maak van jou rykdom en jou koopware roof, jou mure afbreek en jou aangename huise vernietig en hulle sal jou klippe, jou houte en jou puin in die water gooi.
- 13 So sal Ek die klank van jou liedere laat ophou en die klank van jou harpe sal nie meer gehoor word nie.
- 14 Ek sal jou ’n kaal rots maak, ’n plek om nete op oop te gooi. Jy sal nie weer gebou word nie, want Ek, יהוה, het gepraat,” verklaar יהוה-God.
- 15 So sê יהוה-God vir Tzor: “Sal die kuslande nie bewe van die geluid van jou val, wanneer die gewondes kerm, wanneer die slagting in jou midde gebeur nie?
- 16 Dan sal al die prinse van die see van hulle trone afklim, hulle mantels afhaal en hulle geborduurde klere uittrek. Hulle sal hulself met bewing aantrek; hulle sal op die grond sit, elke oomblik bewe en ontsteld wees oor jou.
- 17 Hulle sal ’n klaaglied oor jou aanhef en vir jou sê: ‘Hoe het jy vergaan, o bewoonde een, vanaf die seë, o hoog geroemde stad, wat magtig was op die see, sy en haar inwoners, wat haar verskrikking op al haar inwoners afgedwing het.
- 18 Nou sal die kuslande bewe op die dag van jou val; ja, die kuslande wat by die see is, sal vreesbevang wees as jy verbygaan,”

- 19 want so sê יְהוָה-God: “wanneer Ek jou ’n verlate stad maak, soos die stede wat nie bewoon word nie; wanneer Ek die ondergrondse water oor jou laat opkom en die groot waters jou bedek,
 20 dan sal Ek jou afbring saam met dié wat afgaan in die put, na die mense van ouds en Ek sal jou laat bly in die onderste dele van die aarde, soos die antieke puinhope, saam met die wat in die put afgaan sodat jy nie bewoon sal word nie, maar Ek sal lof, eer en waarde gee in die land van die lewendes.
 21 Ek sal verskrikkings oor jou bring en jy sal nie meer wees nie; alhoewel jy gesoek sal word, sal jy nooit weer gevind word nie,” verklaar יְהוָה-God.

27 ¹ Die woord van יְהוָה het verder tot my gekom en gesê:

- 2 “Jy, seun van ’n mens, neem ’n klaaglied op oor Tzor
 3 en sê vir Tzor, wat by die ingang na die see bly, handelaars van die volke na baie kuslande toe: ‘So sê יְהוָה-God: O Tzor, jy het gesê: Ek is volmaak in mooiheid.’
 4 Jou grense is in die binneste van die seë; jou bouers het jou mooiheid volmaak gemaak.
 5 Hulle het al jou planke van dennebome vanaf S’nir gemaak; hulle het ’n seder vanaf L’vanon gevat om vir jou ’n mas te maak.
 6 Van eikebome vanaf Bashan het hulle vir jou roeispans gemaak; hulle het jou dek van palmhout met ivoor vanaf die kuslande van Kittî ingelê.
 7 Jou seil was van fyn geborduurde linne vanaf Mitzrayim sodat dit jou uitkenningsteken geword het; jou sonskerm was persblou en pers vanaf die kuslande van Elishah.
 8 Die inwoners van Tzidon en Arvad was jou roeiers; jou wyse manne was aan boord, o Tzor, hulle was jou stuurmanne.
 9 Die oudstes van G’val en haar wyse manne was by jou om jou some reg te maak; al die skepe van die see en hulle seemanne was by jou om met jou koopware handel te dryf.
 10 Paras (Persië), Lud en Put was in jou leer, jou krygsmanne; hulle het skild en helm in jou opgehang; hulle het aan jou glans gegee.
 11 Die seuns van Arvad en jou leer was rondom op jou mure en die Gammadiete was in jou torings; hulle het hul skilde rondom op jou mure gehang; hulle het jou mooiheid volmaak gemaak.
 12 Tarshish was jou kliënt weens die menigte van allerhande rykdom; hulle het met silwer, yster, tin en lood betaal vir jou ware.
 13 Yavan, Tuval en Meshekh, hulle was handelaars; hulle het vir jou ware betaal met die lewens van mense en houters van koper.
 14 Hulle van Beit-Togarmah het perde, oorlogspere en muile gegee vir jou ware.
 15 Die seuns van D’dan was jou handelaars. Baie kuslande was jou mark; hulle het ivoortande en ebbehout as jou betaling gebring.
 16 Edom was jou kliënt weens die menigte van jou goedere; hulle het vir jou ware met smaragte, purper, geborduurde werk, fyn linne, korale en robyne betaal.
 17 Y’hudah en die land van Yisra’el, hulle was jou handelaars; met die koring van Minnit, koeke, heuning, olie en balsem het hulle vir jou ware betaal.

- 18 Dammesek was jou kliënt weens die oorvloed van jou goedere, weens die oorvloed van allerhande rykdom, weens die wyn van Helbon en wit wol.
- 19 Dan en Yavan het vir jou ware betaal vanaf Uzal; smee-yster, kassie (senna) en suikerriet was onder jou handelsware.
- 20 D'dan het met jou handel gedryf in saalklede om op te ry.
- 21 Arabië en al die prinse van K'dar was jou kliënte vir lammers, ramme en bokke; daarvoor was hulle jou kliënte.
- 22 Die handelaars van Sh'va en Ra'mah het met jou handel gedryf; hulle het vir jou ware met die beste van allerhande speserye, allerhande edelgesteentes en goud betaal.
- 23 Haran, Kanneh en 'Eden, die handelaars van Sh'va, Ashur en Kilmad het met jou handel gedryf.
- 24 Hulle het met jou handel gedryf in persblou kledingstukke, geborduurde werk en in kleurvolle geweeftde tapyte, styf vasgebind met koorde en in skepe van sederhout gelaai.
- 25 Die skepe van Tarshish was die koeriers vir jou handelsware en jy was vol en het baie sterk geword.
- 26 Jou roeiers het jou in groot waters gebring; die Oostewind het jou gebreek in die seë.
- 27 Jou rykdomme, jou artikels, jou handelsware, jou seemanne, jou stuurmanne, die wat jou some regmaak, jou handelaars in handelsware en al jou krygsmanne wat in jou is, saam met jou hele menigte wat in jou is, sal in die diepte van die seë val op die dag van jou omverwerping.
- 28 Deur die klank van die krete van jou stuurmanne sal die weivelde skud.
- 29 Almal wat die roeispaan hanteer, die seemanne, al die stuurmanne van die see, sal van hulle skepe afklim; hulle sal op die land staan
- 30 en hulle sal hul stem oor jou laat hoor en bitterlik huil. Hulle sal stof op hul koppe gooi, hulle sal rondrol in as.
- 31 Hulle sal hulself bles maak om jou ontwil en rouklere aangord en hulle sal oor jou huil in bitterheid van verstand, wil en emosie en met bitter rou.
- 32 Hulle sal verder ook in hul huilery 'n klaaglied vir jou ophef en oor jou weeklaag: "Wie is soos Tzor, wat in die see gebou is?
- 33 Toe jou handelsware uitgekom het uit die seë, het jy baie volke tevrede gestel; met die oorvloed van jou rykdom en jou handelsware het jy die konings van die aarde ryk gemaak.
- 34 Noudat jy gebroke is deur die seë in die dieptes van die waters; het jou handelsware en jou hele menigte in jou midde geval.
- 35 Al die inwoners van die kuslande is verskrik oor jou en hulle konings is verskriklik bang; hulle gesigte is besorg.
- 36 Die handelaars onder die volke spot met jou; jy het verskrik geword en jy sal ophou bestaan, vir ewig.””””

- 28** 1 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
- 2 “Seun van ’n mens, sê aan die leier van Tzor: ‘So sê יהוה-God: “Omdat jou verstand, wil en emosie hoogmoedig was en jy gesê het: ‘Ek is ’n god, ek sit op die troon van gode in die kern van die seë’; tog is jy ’n mens en nie god nie, alhoewel jy jou verstand, wil en emosie maak soos die van ’n god. ^{2 Thes 2:4}
- 3 Let op, jy is wyser as Dani’el, daar is geen geheim wat vir jou duister is nie!
- 4 Deur jou wysheid en begrip het jy vir jouself rykdom verkry en goud en silwer vir jou skatkamers.
- 5 Deur jou groot wysheid, deur jou handel, het jy jou rykdom vermeerder en jou verstand, wil en emosie het hoogmoedig geword deur jou rykdom.
- 6 יהוה-God sê daarom: ‘Omdat jy jou verstand, wil en emosie gemaak het soos die van ’n god, ^{1 Tim 3:6}
- 7 let daarom op, Ek sal vreemdelinge oor jou bring, die geweldigste van die nasies en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid van jou wysheid en jou glans onteer.
- 8 Hulle sal jou afbring na die put en jy sal die dood sterf van die wat doodgemaak word in die diepte van die seë.
- 9 Sal jy nog sê, “Ek is ’n god,” in die teenwoordigheid van hom wat jou doodmaak terwyl jy ’n mens en nie ’n god is nie, in die hand van hulle wat jou wond?
- 10 Jy sal die dood van onbesnedenes sterf, deur die hand van vreemdelinge, want Ek het gepraat, ’ verklaar יהוה-God.””
- 11 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
- 12 “Seun van ’n mens, hef ’n klaaglied aan oor die koning van Tzor en sê vir hom: ‘So sê יהוה-God: “Jy het die merk van volmaaktheid gehad, vol wysheid en volmaak in skoonheid.
- 13 Jy was in ’Eden, die tuin van God; elke edelgesteente was jou bedekking: robyn, topaas en diamant; beril, oniks en jaspis; lapis lazuli, turkoois en saffier en goud, die vakmanskap van jou monterings en holtes, was in jou. Op die dag toe jy geskape is, is hulle voorberei.
- 14 Jy was by die gesalfde gérub wat bedek en Ek het jou op die afgesonderde berg van God geplaas; jy het geloop tussen die klippe van vuur.
- 15 Jy was onberispelik in jou lewenswyse van die dag af dat jy geskape is totdat daar boosheid in jou gevind is.
- 16 Deur die oorvloed van jou koophandel het jy jou binneste met oortredinge gevul en jy het gesondig; daarom sal Ek jou van die berg van God afgooi en Ek sal jou van tussen die klippe van vuur vernietig, o gérub wat bedek!
- 17 Jou verstand, wil en emosie was hoogmoedig as gevolg van jou skoonheid; jy het jou wysheid korrup gemaak deur jou glans. Ek het jou op die grond neergegooi, Ek het jou voor die konings gesit sodat hulle jou kan sien.
- 18 Deur die menigte van jou oortredinge, deur die partydige onopregtheid van jou koophandel het jy jou afgesonderde plekke onteer; daarom het Ek ’n vuur uit jou binneste laat uitkom; dit het jou verteer en Ek het jou op die aarde tot as gemaak voor die oë van almal wat jou gesien het.

- 19 Almal wat jou ken onder die volke is ontsteld oor jou; jy het verskrik geword en jy sal ophou om te wees vir ewig.””
- 20 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:
- 21 “Seun van ’n mens, draai jou gesig na Tzidon en profeteer teen haar
- 22 en sê: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek is teen jou, o Tzidon en Ek sal geloof en geëer word in jou midde. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is wanneer Ek oordele oor haar uitvoer en Ek sal My afgesonderdheid in haar duidelik maak,
- 23 want Ek sal die pes na haar toe stuur en bloed na haar strate en die gewondes sal in haar midde val deur die swaard teen haar aan elke kant; dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.
- 24 Daar sal nie meer vir die huis van Yisra’el ’n steekdoring of pynlike doring wees van enige wat rondom hulle is, wat hulle verag het nie; dan sal hulle weet dat Ek יהוה-God is.”
- 25 So sê יהוה-God: “Wanneer Ek die huis van Yisra’el versamel vanuit die volke onder wie hulle verstrooi is en Ek My afgesonderdheid in hulle duidelik sal maak voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land bly wat Ek vir My dienskneg Ya’akov gegee het.
- 26 Hulle sal veilig daarin bly en hulle sal huise bou, wingerde plant en veilig woon wanneer Ek oordele uitvoer op almal wat hulle van alle kante af verag. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, hulle God, is.””

- 29** 1 In die tiende jaar, in die tiende maand, op die twaalfde van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 2 “Seun van ’n mens, draai jou gesig teen Farao, koning van Mitzrayim en profeteer teen hom en teen die hele Mitzrayim.
- 3 Praat en sê: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek is teen jou, Farao, koning van Mitzrayim, die groot monster wat in die middel van sy riviere lê, wat gesê het: ‘My Nyl is myne en ek het dit self gemaak.’
- 4 Ek sal hake in jou kakebene sit en die visse van jou riviere aan jou skubbe laat vasklou en Ek sal jou vanuit jou riviere af uittrek en al die visse van jou riviere sal aan jou skubbe vasklou.
- 5 Ek sal jou alleen los in die wildernis, vir jou en al die visse van jou riviere; julle sal op die oop veld val; jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie; Ek het julle as kos vir die wilde diere van die aarde en vir die voëls van die hemel gegee.
- 6 Dan sal al die inwoners van Mitzrayim weet dat Ek יהוה is omdat hulle ’n rietstok is vir die huis van Yisra’el.
- 7 Toe hulle jou met die hand vasvat, het jy al hulle hande gebreek en geskeur; toe hulle op jou geleun het, het jy al hulle lendene gebreek en laat skud.”
- 8 יהוה-God sê daarom: “Let op, Ek sal ’n swaard oor jou bring en mens en dier van jou af afsny.
- 9 Die land van Mitzrayim sal ’n verlatenheid en puinhoop word. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is. Omdat jy sê: ‘Die Nyl is myne en ek het dit gemaak,’

- 10 let daarom op, Ek is teen jou en teen jou riviere en Ek sal die land van Mitzrayim 'n absolute puinhoop en verlatenheid maak, vanaf Migdol af tot by S'venah en selfs tot by die grens van Kush.
- 11 Geen mens se voet sal daar deurgaen nie en geen dier se poot sal daar deurgaen nie en dit sal vir veertig jaar lank onbewoond wees.
- 12 So sal Ek die land van Mitzrayim 'n verlatenheid maak tussen verlate lande en haar stede, tussen stede wat verwoes is, sal verlate wees vir veertig jaar lank en Ek sal die Mitzrayimiete verstrooi onder die nasies en hulle versprei tussen die lande,”
- 13 want so sê יהוה-God: “Aan die einde van veertig jaar sal Ek die Mitzrayimiete versamel vanuit die volke waarheen hulle verstrooi is.
- 14 Ek sal die lot van die Mitzrayimiete verander en hulle laat teruggaan na die land van Patros, na die land van hulle oorsprong en daar sal hulle 'n eenvoudige koninkryk wees.
- 15 Hulle sal die minste van die koninkryke wees en hulle sal hulself nooit weer bo die nasies op lig nie en Ek sal hulle so klein maak sodat hulle nie oor die nasies sal heers nie.
- 16 Hulle sal nooit weer die vertroue van die huis van Yisra'el wees nie, om die oortredinge, van hulle draai na Mitzrayim, te onthou. Dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, God is.”””
- 17 In die sewe en twintigste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 18 “Seun van 'n mens, N'vukadnetzar, koning van Bavel, het sy leër hard laat werk teen Tzor; elke kop is bles gemaak en elke skouer is deurgeskaaf, maar hy en sy leër het geen loon ontvang van Tzor vir die werk wat hy daarteen gedoen het nie;”
- 19 daarom, so sê יהוה-God: “let op, Ek sal die land van Mitzrayim vir N'vukadnetzar, koning van Bavel, gee en hy sal haar rykdom wegdra en die buit vat en dit plunder, en dit sal die loon vir sy leër wees.
- 20 Ek het vir hom die land van Mitzrayim gegee vir sy werk wat hy gedoen het, want hulle het vir My opgetree,” verklaar יהוה-God.
- 21 Op daardie dag sal Ek vir die huis van Yisra'el 'n horing laat uitspruit en Ek sal jou mond in hulle midde oopmaak. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.”

30 1 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:

- 2 “Seun van 'n mens, profeteer en sê: ‘So sê יהוה-God: “Huil, ‘wee die dag,’
- 3 want die dag is naby, die dag van יהוה is naby; dit sal 'n dag wees van wolke; 'n tyd vir die nasies.
- 4 'n Swaard sal op Mitzrayim kom en daar sal angs in Kush wees wanneer die neergeslaandes in Mitzrayim val, hulle vat haar rykdom weg en haar fundamente word afgebreek.
- 5 Kush, Put, Lud, al die gemengde nasies (Arabië), Kuv en die mense van die lande daarmee verbonde sal saam met hulle val deur die swaard.”
- 6 So sê יהוה: “Die wat Mitzrayim ondersteun sal beslis val en die trots van haar krag sal afkom; vanaf Migdol tot by S'venah sal hulle in haar val deur die swaard,” verklaar יהוה-God.

- 7 Hulle sal verlate wees tussen die verlate lande en haar stede sal tussen die verwoeste stede wees.
- 8 Hulle sal weet dat Ek יהוה is wanneer Ek 'n vuur aansteek in Mitzrayim en al haar helpers gebroke is.
- 9 Op daardie dag sal daar boodskappers van My af uitgaan in skepe om die sorgelose Kush te verskrik en daar sal angs op hulle wees soos op die dag van Mitzrayim, want let op, dit kom!”
- 10 So sê יהוה-God: “Ek sal ook die menigtes van Mitzrayim tot 'n einde bring deur die hand van N'vukadnetzar, koning van Bavel.
- 11 Hy en sy volk saam met hom, die geweldigste van nasies, sal ingebring word om die land te vernietig en hulle sal hul swaarde teen Mitzrayim uittrek en die land vul met die neergeslaandes.
- 12 Ek sal ook nog die Nylkanale droogmaak en die land verkoop in die hand van bose manne. Ek sal ook die land en alles wat daarin is, verlate maak deur die hand van vreemdelinge; Ek, יהוה, het gepraat.”
- 13 So sê יהוה-God: “Ek sal ook die afgode vernietig en die beelde laat verdwyn uit Nof (Memphis) en daar sal nie langer 'n prins wees in die land van Mitzrayim nie en Ek sal vrees sit in die land van Mitzrayim.
- 14 Ek sal Patros verlate maak, 'n vuur aansteek in Tzo'an en oordele voltrek in No (Thebes).
- 15 Ek sal My toorn uitgiet oor Sin, die vesting van Mitzrayim; Ek sal ook die menigtes van No afsny.
- 16 Ek sal 'n vuur aansteek in Mitzrayim: Sin sal bewe van angs, No sal oopgebreek word en Nof sal daaglik angs hê!
- 17 Die jongmanne van On en Pi-Veset sal deur die swaard val en die vroue sal in gevangenskap gaan.
- 18 In Tagpanges sal die dag donker wees wanneer Ek daar die jukke van Mitzrayim verbreek. Dan sal die trots van haar mag in haar ophou; 'n wolk sal haar oordek en haar dogters sal in gevangenskap gaan.
- 19 So sal Ek oordeel voltrek in Mitzrayim en hulle sal weet dat Ek יהוה is.”””
- 20 In die elfde jaar, in die eerste maand, op die sewende van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 21 “Seun van 'n mens, Ek het die arm van Farao, koning van Mitzrayim, gebreek en let op, dit is nie verbind tot genesing of toegedraai met 'n verband sodat dit sterk kan wees om die swaard vas te hou nie.
- 22 יהוה-God sê daarom: ‘Let op, Ek is teen Farao, koning van Mitzrayim en sal sy arms breek, beide die sterk en die gebreekte een en Ek sal die swaard uit sy hand laat val.
- 23 Ek sal die Mitzrayimiete verstrooi onder die nasies en hulle versprei tussen die lande,
- 24 want Ek sal die arms van die koning van Bavel versterk en My swaard in sy hand sit en Ek sal die arms van Farao breek sodat hy voor hom sal kerm soos die gekerm van 'n gewonde man.

25 So sal Ek die arms van die koning van Bavel versterk, maar Farao se arms sal val. Dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek My swaard in die hand van die koning van Bavel sit en hy dit uitstrek teen die land van Mitzrayim.

26 Wanneer Ek die Mitzrayimiete sal verstrooi onder die nasies en hulle versprei tussen die lande, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.”

31 1 In die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

2 “Seun van ’n mens, sê vir Farao, koning van Mitzrayim en aan sy menigtes: ‘Soos wie is jy in jou grootheid?

3 Let op, Ashur was ’n seder op die L’vanon met mooi takke, ’n skaduryke bos, baie hoog en sy top was tussen die wolke.

4 Die waters het hom laat groei, die diepte het hom hoog gemaak. Met sy riviere het hy aanhoudend uitgebrei reg rondom die plek waar hy geplant is en sy kanale uitgestuur na al die bome van die veld;

5 daarom was sy hoogte hoër as al die bome van die veld en het sy lote baie geword en sy takke lank, as gevolg van baie waters terwyl hy hulle uitsprei.

6 Al die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke en al die wilde diere van die veld het geboorte gegee onder sy lote en al die groot nasies het onder sy skaduwee geleef.

7 So was dit pragtig in sy grootheid, in die lengte van sy takke, want sy wortels het uitgesprei na baie waters.

8 Die seders in God se tuin kon nie met hom vergelyk nie; die sipresse kon nie vergelyk met sy lote nie en die plataanboom kon nie met sy takwerk vergelyk nie. Geen boom in die tuin van God kon met hom vergelyk in sy prag nie.

9 Ek het hom mooi gemaak deur die menigte van sy takke en al die bome van ’Eden, wat in die tuin van God was, was jaloers op hom.

10 יהוה-God sê daarom: “Omdat hy hoog is en sy top tussen die wolke opgelig het en hoogmoedig is in sy hoogte,

11 daarom het Ek hom oorgegee in die hand van die magtige onder die nasies; dié sal deeglik met hom handel; volgens sy boosheid het Ek hom weggedryf.

12 Vreemde tiranne van die nasies het hom afgekap en hom gelos; op die berge en in al die valleie het sy takke geval en sy loof het in al die klowe van die land gebreek en al die volke van die aarde het uit sy skaduwee weggegaan en hom verlaat

13 (Al die voëls van die hemel sal op sy puin bly en al die wilde diere van die veld op sy takke)

14 sodat al die bome by die waters hulself nie kan oplig oor hul hoogte, of hulle top tussen die wolke sou oplig nie, of hulle goed natgemaakte magtiges nie regop sou staan in hulle hoogte nie, want hulle is almal oorgegee aan die dood, aan die aarde daar onder, tussen die seuns van die mens, saam met die wat afgaan na die put.”

15 So sê יהוה-God: “Op die dag toe hy afgegaan het na Sh’ol, het Ek ’n klaaglied aangehef; Ek het die waters van die dieptes toegemaak, die riviere teruggehou en die baie waters is gestop; Ek het die L’vanon oor hom laat treur en al die bome van die veld het weggeteer om sy ontwil.

- 16 Ek het die nasies laat bewe deur die geluid van sy val, toe Ek hom na Sh'ol laat afgaan het saam met die wat afgaan na die put en al die goed natgemaakte bome van 'Eden, die keur en bestes van die L'vanon, is getroos in die diepste dele van die aarde.
- 17 Hulle het ook saam met hom afgegaan na Sh'ol, na die wat neergeslaan is deur die swaard en die wat kragtig was. Sy nageslag het in sy skaduwee tussen die nasies geleef.
- 18 Aan watter van die bome van 'Eden is jy so gelyk in lof en eer en in grootheid? Tog sal jy afgebring word saam met die bome van 'Eden na die aarde daar onder; jy sal tussen die onbesnedenes lê, saam met die wat neergeslaan is deur die swaard. So is Farao en al sy menigtes,” verklaar יהוה-God.”
- 32** 1 En in die twaalfde jaar, in die twaalfde maand, op die eerste van die maand, het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 2 “Seun van 'n mens, hef 'n klaaglied aan oor Farao, koning van Mitzrayim en sê vir hom: ‘Jy is soos 'n leeu onder die nasies en soos 'n see-monster; jy het uitgebreek in jou riviere en die waters vol modder gemaak met jou voete en hulle riviere troebel gemaak.’”
- 3 So sê יהוה-God: “Nou sal Ek My net oor jou uitsprei deur 'n vergadering van baie volke en hulle sal jou oplig in My net.
- 4 Ek sal jou op die land los; Ek sal jou op die oop veld gooi en Ek sal al die voëls van die hemel op jou laat sit en Ek sal die wilde diere van die hele aarde versadig met jou.
- 5 Ek sal jou vlees uitlê op die berge en die valleie vol maak met jou vullis.
- 6 Ek sal die land maak drink van jou bloed wat uitvloeï so ver as tot by die berge en die kloue sal vol wees van jou.
- 7 Wanneer Ek jou uitblus, sal Ek die hemel toemaak en sy sterre verdonker; Ek sal die son met 'n wolk toemaak en die maan sal nie sy lig gee nie. ^{Mat 24:29; Mar 13:25}
- 8 Al die skynende ligte aan die hemel sal Ek oor jou verduister en Ek sal duisternis in jou land gee,” verklaar יהוה-God. ^{Eks 10:21,22; 2 Kef 3:10-12}
- 9 Ek sal die verstand, wil en emosie van baie volke bekommerd maak wanneer Ek jou vernietiging tussen die nasies bring, in lande wat jy nie geken het nie.
- 10 Ek sal maak dat baie volke oor jou verstom staan en hulle konings sal verskriklik bang wees vir jou wanneer Ek My swaard voor hulle swaai en hulle sal, op die dag van jou val, elke oomblik bewe, elkeen vir sy lewe,”
- 11 want so sê יהוה-God: “die swaard van die koning van Babel sal oor jou kom.
- 12 Ek sal jou menigtes laat val deur swaarde van magtige manne; hulle is almal tiranne van die nasies en hulle sal die trots van Mitzrayim vernietig en al sy menigtes sal vernietig word.
- 13 Ek sal ook al sy vee vernietig langs die baie waters en geen mens se voet sal dit weer modder maak nie en geen dier se kloue dit troebel maak nie.
- 14 Dan sal Ek hulle waters laat stabiliseer en hulle riviere laat vloei soos olie,” verklaar יהוה-God.

- 15 Wanneer Ek die land van Mitzrayim 'n verlatenheid maak en die land woes gelê is van wat sy volheid was, wanneer Ek almal wat daarin woon, neergeslaan het, dan sal hulle weet dat Ek יְהוָה is.
- 16 Hierdie is 'n klaaglied en hulle moet dit sing; die dogters van die nasies sal dit sing; hulle sal dit sing oor Mitzrayim en oor al haar menigtes,” verklaar יְהוָה-God.
- 17 In die twaalfde jaar, op die vyftiende van die maand, het die woord van יְהוָה tot my gekom en gesê:
- 18 “Seun van 'n mens, huil oor die menigtes van Mitzrayim en gooi haar mense neer tussen die sterk nasies, in die diepste dele van die aarde, saam met die wat afgaan na die put:
- 19 ‘Wie gaan jy verby in skoonheid? Gaan af en maak jou bed by die onbesnedenes.’
- 20 Hulle sal val tussen die wat deur die swaard neergeslaan word. Sy is oorgegee aan die swaard; hulle het haar en al haar menigtes weggelei.
- 21 Die sterkes onder die magtiges sal van hom en sy helpers praat vanuit Sh'ol: ‘Hulle het afgegaan, hulle lê stil, die onbesnedenes, neergeslaan deur die swaard.’
- 22 Ashur en al haar menigtes is daar; haar grafte is reg rondom haar. Hulle het almal deur die swaard geval, is neergeslaan,
- 23 hulle wie se grafte gemaak is in die verste dele van die put en haar menigtes is reg rondom haar graf. Hulle is almal neergeslaan, geval deur die swaard, wat verskrikking versprei het in die land van die lewendes.
- 24 'Eilam en al haar menigtes is daar rondom haar graf; hulle is almal neergeslaan, geval deur die swaard, hulle wat onbesnede afgegaan het na die laagste dele van die aarde, wat hulle verskrikking oorgedra het in die land van die lewendes en hulle skande dra saam met die wat afgegaan het in die put.
- 25 Hulle het vir haar 'n bed gemaak tussen die neergeslaandes saam met al haar menigtes. Haar grafte is rondom dit, hulle is almal onbesnede, neergeslaan deur die swaard, alhoewel hulle verskrikking oorgedra is in die land van die lewendes en hulle het hul skande gedra saam met die wat in die put afgaan; hulle is tussen die neergeslaandes gesit.
- 26 Meshekh en Tuval met al hulle menigtes is daar; hulle grafte is rondom hulle. Almal van hulle is neergeslaan deur die swaard, onbesnede, alhoewel hulle hul verskrikking oorgedra het in die land van die lewendes,
- 27 lê hulle nie langs die gevalle helde van die onbesnedenes, wat afgegaan het na Sh'ol met hulle oorlogswapens en wie se swaarde onder hulle koppe gesit is nie, maar die straf vir hulle oortredinge het op hulle gebeente gerus omdat hulle vernietiging veroorsaak het met hulle mag in die land van die lewendes.
- 28 Jy sal egter ook tussen die onbesnedenes slaap en tussen hulle lê wat deur die swaard neergeslaan is.
- 29 Edom is ook daar, sy konings en al sy prinse, wat ondanks al hulle mag neergelê is by die wat neergeslaan is met die swaard; hulle sal by die onbesnedenes en by die wat in die put afgegaan het, lê.

30 Die leiers van die noorde is daar, almal van hulle en al die Tzidoniërs, wat ten spyte van die verskrikking wat op hulle mag gevolg het, in skande saam met die neergeslaandes afgegaan het. So lê hulle onbesnede by die wat neergeslaan is deur die swaard en dra hulle skande saam met die wat in die put afgaan.

31 Farao sal hulle sien en hy sal getroos wees oor al sy menigtes wat deur die swaard neergeslaan is, Farao en sy hele leër,” verklaar יהוה-God.

32 “Ek het sy vernietiging in die land van die lewendes veroorsaak en gemaak dat hy tussen die onbesnedenes neergelê word, saam met die wat neergeslaan is deur die swaard, selfs Farao en al sy menigtes,” verklaar יהוה-God.

33 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê: ^{Yeg 3:18-21}

2 “Seun van ’n mens, praat met die seuns van jou volk en sê vir hulle: ‘As Ek ’n swaard oor ’n land bring en die mense van die land neem een man vanuit hulle midde en maak hom hulle wag

3 en hy sien die swaard aankom oor die land en blaas op die ramshoring en waarsku die mense;

4 dan sal hy wat die geluid van die ramshoring hoor, maar hom nie laat waarsku nie en ’n swaard kom en hom wegvat, se bloed op sy eie kop wees.

5 Hy het die geluid van die ramshoring gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie; sy bloed sal op homself wees, maar as hy hom laat waarsku het, sou hy sy lewe gered het.

6 As die wag egter die swaard sien kom en nie die ramshoring blaas nie, die mense nie gewaarsku word nie en ’n swaard kom en vat ’n persoon vanuit hulle weg, word hy gevat deur sy oortredinge, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag opeis.’

7 Wat jou betref, seun van ’n mens, Ek het jou as wag oor die huis van Yisra’el aangestel; jy sal ’n boodskap uit My mond hoor en hulle namens My waarsku.

8 Wanneer Ek aan die bose sê: ‘O bose man, jy sal sekerlik sterf,’ en jy praat nie om die bose oor sy pad te waarsku nie, dan sal daardie bose man deur sy oortredinge sterf, maar sy bloed sal Ek van jou hand opeis.

9 As jy egter van jou kant die bose man waarsku om van sy pad af weg te draai en hy draai nie weg van sy pad nie, dan sal hy deur sy oortredinge sterf, maar jy het jou lewe gered.

10 Nou, wat jou betref, seun van ’n mens, sê vir die huis van Yisra’el: ‘So het julle gepraat en gesê: “Ons oortredinge en ons sondes is op ons en ons verrot in hulle; hoe kan ons oorlewe?”’

11 Sê vir hulle: ‘So waar as Ek leef,’ verklaar יהוה-God, ‘Ek het geen behae in die dood van die bose nie, maar eerder dat die bose wegdraai van sy lewenswyse en leef. Draai terug, draai terug van julle bose lewenswyses! Waarom wil julle dan sterf, o huis van Yisra’el?’

12 Jy, seun van ’n mens, sê aan jou mede-burgers: ‘Die onpartydige opregtheid van die regverdige sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie en wat die boosheid van die bose betref, hy sal nie daardeur struikel op die dag wanneer hy hom van sy boosheid af wegdraai nie; soos die regverdige nie sal kan leef deur sy onpartydige opregtheid op die dag as hy sondig nie.’

- 13 As Ek vir die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe en hy vertrou op sy onpartydige opregtheid en doen onreg, sal geen van sy dade van onpartydige opregtheid onthou word nie, maar deur daardie selfde onreg wat hy gepleeg het, sal hy sterf.
- 14 As Ek egter aan die bose sê: 'Jy sal sekerlik sterf,' en hy draai weg van sy sonde en handel regverdig en onpartydig opreg,
- 15 as die goddelose 'n pand teruggee, vergoed wat hy deur roof gevat het, leef in die instellings wat lewe verseker sonder om oortredinge te begaan, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterf nie. ^{Luk 19:9}
- 16 Nie een van sy sondes wat hy gedoen het, sal teen hom onthou word nie. Hy het regverdigheid en onpartydige opregtheid gedoen; hy sal sekerlik lewe.
- 17 Nogtans sê jou mede-burgers: 'Die pad van יהוה is nie reg nie,' wanneer dit hulle eie pad is wat nie reg is nie.
- 18 As die regverdige wegdraai van sy onpartydige opregtheid en onregverdigheid doen, dan sal hy daarin sterf.
- 19 As die bose egter wegdraai van sy boosheid en regverdigheid en onpartydige opregtheid doen, dan sal hy deur hulle lewe.
- 20 Nogtans sê julle: 'Die pad van יהוה is nie reg nie.' O huis van Yisra'el, Ek sal elkeen van julle oordeel volgens sy lewenswyse!"
- 21 In die twaalfde jaar van ons ballingskap, in die tiende maand op die vyfde van die maand, het die vlugteling uit Yerushalayim na my toe gekom en gesê: "Die stad is ingeneem!"
- 22 Die hand van יהוה was op my in die aand voordat die vlugteling gekom het en Hy het my mond oopgemaak op die tyd dat hulle in die oggend na my toe gekom het. My mond is dus oopgemaak en ek was nie meer stom nie. ^{Yeg 3:26,27}
- 23 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 24 "Seun van 'n mens, hulle wat in hierdie puinhope in die land van Yisra'el bly, sê: 'Avraham was een, tog het hy die land besit; aan ons wat baie is, is dus die land as besitting gegee!'
- 25 Sê daarom vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Julle eet vleis met die bloed in en lig julle oë op na jul afgode terwyl julle bloed vergiet; moet julle dan die land besit?"
- 26 Julle steun op jul swaard, julle doen verwerplikhede en elkeen van julle onteer die vrou van sy naaste; moet julle dan die land besit?"
- 27 So moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה-God: "So waar as Ek leef, die wat in die puinhope is, sal sekerlik deur die swaard val en wie ook al op die oop veld is, gee Ek aan die wilde diere oor om opgeëet te word en die wat in die vestings en in die grotte is, sal deur die pes sterf.
- 28 Ek sal die land 'n verlatenheid en 'n puinhoop maak en die trots van haar krag sal ophou en die berge van Yisra'el sal verlate wees sodat niemand sal deurgaan nie,
- 29 dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek die land 'n verlatenheid en 'n puinhoop maak as gevolg van al hul verwerplikhede wat hulle gedoen het.'"
- 30 Wat jou betref, seun van 'n mens, jou mede-burgers wat oor jou praat langs die mure en in die deure van die huise, hulle praat met mekaar, elkeen met sy broer en sê: 'Kom nou en hoor wat die boodskap is wat van יהוה af uitgaan.'

- 31 Hulle kom na jou toe soos mense kom en sit voor jou as My volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie, want hulle doen die wellustige begeertes van hulle mond en hulle verstand, wil en emosie gaan agter hulle winste aan.
- 32 Let op, jy is vir hulle soos 'n sensuele lied deur een wat 'n mooi stem het en goed speel op 'n instrument, want hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie.
- 33 Wanneer dit dus gebeur; soos dit sekerlik sal; dan sal hulle weet dat 'n profeet tussen hulle was.” Deut 18:22

34 1 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:

- 2 “Seun van 'n mens, profeteer teen die herders van Yisra'el. Profeteer en sê vir daardie herders: ‘So sê יהוה-God: “Wee die herders van Yisra'el wat hulleself gevoed het! Moet die herders nie die skape voer nie? Mat 9:36; Mar 6:34
- 3 Julle eet die vet en trek julle aan met die wol; julle slag die vettes, sonder om die trop te voed.
- 4 Julle het nie die wat sieklik is, versterk nie en die siekes nie gesond gemaak nie, die gebrokenes nie opgebind, die verstrooides nie teruggebring nie en ook nie gaan soek na die wat verlore is nie, maar met mag en met strengheid het julle hulle gedomineer.
- 5 Hulle is verstrooi omdat daar geen herder was nie en hulle het kos geword vir al die wilde diere van die veld en is verstrooi.
- 6 My skape het rondgedwaal op al die berge en op elke hoë heuwel; My trop is verstrooi oor die hele oppervlak van die aarde en daar was niemand om te soek of te vra na hulle nie;”
- 7 daarom, julle herders, hoor en doen die woord van יהוה:
- 8 “So waar as Ek leef,” verklaar יהוה-God, “omdat My skape 'n prooi geword het, selfs kos vir al die wilde diere van die veld, weens die gebrek aan 'n herder en My herders nie na My skape gesoek het nie, maar die herders hulleself gevoed en nie My skape gevoed het nie,
- 9 hoor en luister julle herders daarom na die woord van יהוה:
- 10 ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek is teen die herders en Ek sal My skape van hulle af eis en hulle laat ophou om skape te voed. Die herders sal hulleself nie meer voed nie, maar Ek sal My skape uit hulle mond bevry sodat dit nie vir hulle as kos sal wees nie;”
- 11 want so sê יהוה-God: “Let op, Ek sal self soek na My skape en hulle opsoek.
- 12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag wanneer hy tussen sy verstrooide skape is, so sal Ek vir My skape op 'n bewolkte en donker dag sorg en hulle bevry uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is.
- 13 Ek sal hulle uitbring uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land en Ek sal hulle voed op die berge van Yisra'el, by die strome en in al die bewoonde plekke van die land.
- 14 Ek sal hulle in 'n goeie weiveld voed en hulle weiplek sal op die berghoogtes van Yisra'el wees. Daar sal hulle lê op goeie weiplek en eet in ryk weivelde op die berge van Yisra'el.
- 15 Ek sal self My skape voed en Ek sal hulle laat rus,” verklaar יהוה-God. Ps 23; Yog 10

- 16 Ek sal die wat verlore is soek, ^{Luk 19:10} die verstrooides terugbring, die beseerdes verbind en die siekes versterk; Ek sal die vettes en die sterkes beskerm en Ek sal hulle voer met regverdige oordeel.
- 17 Wat julle betref, My skape, so sê יהוה-God, 'let op, Ek sal oordeel tussen een skaap en 'n ander, tussen ramme en bokramme.
- 18 Is dit vir julle, o herders, nie genoeg dat julle in die goeie weiveld wei nie, dat julle die res van jul weiveld met jul pote moet vertrap? Of, nadat julle van die helder water gedrink het, moet julle dit wat oor is met jul pote vertroebel?
- 19 Moet My skape eet wat julle met jul pote vertrap het en drink wat julle met jul pote vertroebel het?"
- 20 יהוה-God sê daarom vir hulle: "Let op, Ek, ja Ek sal oordeel tussen die vet skape en die maer skape.
- 21 Omdat hulle met sye en skouers stoot en met hulle horings na al die swakkes stamp totdat hulle hul na buite verstrooi het,
- 22 sal Ek My skape bevry en hulle sal nie langer 'n prooi wees nie en Ek sal oordeel tussen een skaap en 'n ander,
- 23 dan sal Ek een Herder oor hulle aanstel, My Dienskneg Dawid en hy sal hulle voed; Hy sal hulle self voed en hulle Herder wees. ^{Yog 10:11; Open 7:17}
- 24 Ek, יהוה, sal hulle God wees en My Kneg, Dawid, sal 'n Prins onder hulle wees; Ek, יהוה, het gepraat.
- 25 Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit en die skadelike diere uit die land uitskakel sodat hulle veilig in die wildernis kan bly en slaap in die woude.
- 26 Ek sal hulle en die plekke rondom My heuwel 'n seën maak en Ek sal stortreëns laat afkom in sy seisoen; dit sal stortreëns van seën wees.
- 27 Die bome van die veld sal ook hulle vrugte gee en die grond sy opbrengs en hulle sal veilig wees in hul land, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek die skeie van hulle juk stukkend gebreek en hulle bevry het uit die hand van die wat hulle slawe gemaak het.
- 28 Hulle sal nie langer 'n prooi vir die nasies wees nie en die diere van die aarde sal hulle nie verslind nie, maar hulle sal veilig bly en niemand sal hulle bang maak nie.
- 29 Ek sal vir hulle 'n plantasie van vrede oprig en hulle sal nie weer slagoffers wees van hongersnood in die land nie en hulle sal nie meer die beledigings van die nasies hoef te verdra nie,
- 30 dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, hulle God, by hulle is en dat hulle, die huis van Yisra'el, My volk is," verklaar יהוה-God.
- 31 Wat julle betref, My skape, die skape van My weiveld; julle is mense en Ek is julle God," verklaar יהוה-God.

35 1 Die woord van יהוה het verder tot my gekom en gesê:

2 "Seun van 'n mens, draai jou gesig teen die berg Se'ir en profeteer teen hom ^{Ps 137:7}

3 en sê vir hom: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, berg Se'ir en Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou 'n verlatenheid en 'n puinhoop maak.

- 4 Ek sal jou stede 'n puinhoop maak en jy sal 'n verlatenheid word, dan sal jy weet dat Ek יהוה is.
- 5 Omdat jy ewige vyandskap koester en die seuns van Yisra'el aan die mag van die swaard oorgelewer het in die tyd van hulle katastrofe, in die tyd van die straf van die einde,
- 6 so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "sal Ek jou daarom oorgee aan bloedvergieting en bloedvergieting sal jou agtervolg omdat jy bloedvergieting nie gehaat het nie, sal bloedvergieting jou volg.
- 7 Ek sal die berg Se'ir 'n puinhoop en 'n verlatenheid maak en Ek sal van hom afsny die een wat deurtrek en wat terugkom.
- 8 Ek sal sy berge vol maak met die wat neergeslaan is; in jou heuwels, jou valleie en in al jou klowe sal die wat neergeslaan is deur die swaard val.
- 9 Ek sal van jou 'n ewige verlatenheid maak en jou stede sal nie bewoon word nie, dan sal julle weet dat Ek יהוה is.
- 10 Omdat jy gesê het: 'Hierdie twee nasies en hierdie twee lande sal myne wees en ons sal hulle besit,' alhoewel יהוה daar was,
- 11 so waar as Ek leef," verklaar יהוה-God, "Ek sal daarom met jou handel volgens jou woede en volgens jou afguns wat jy gewys het as gevolg van jou haat teen hulle; Ek sal Myself bekend maak onder hulle wanneer Ek jou oordeel,
- 12 dan sal jy weet dat Ek, יהוה, al jou gesmaai gehoor het wat jy teen die berge van Yisra'el gepraat het deur te sê: 'Hulle word woens gelê; hulle word vir ons gegee om te verteer.'
- 13 Julle het arrogant teen My gepraat en julle woorde teen My vermenigvuldig; Ek het dit gehoor."
- 14 So sê יהוה-God: "Soos wat die hele aarde hom verbly, sal Ek jou 'n verlatenheid maak.
- 15 Soos jy vrolik was oor die erfenis van die huis van Yisra'el omdat dit verlate was, so sal Ek aan jou doen. Jy sal 'n verlatenheid wees, o berg Se'ir en die hele Edom, alles daarvan, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is."

36 1 "Jy, seun van 'n mens, profeteer tot die berge van Yisra'el en sê: 'O Berge van Yisra'el, hoor en doen die woord van יהוה!'

- 2 So sê יהוה-God: "Omdat die vyand 'Aha!' teen julle uitroep en: 'Die ewige hoogtes het ons besitting geword,'
- 3 profeteer daarom en sê: 'So sê יהוה-God: "Met goeie rede het hulle jul verlate gemaak en julle van alle kante af vergruis sodat julle 'n besitting vir die res van die nasies kan word en julle opgeneem word in die praat en fluistering van die volke;'"
- 4 daarom, o berge van Yisra'el, hoor en doen die woord van יהוה-God. So sê יהוה-God tot die berge en tot die heuwels, tot die klowe en tot die valleie, tot die verlate puinhoop en tot die verlate stede wat 'n buit en 'n spot geword het vir die res van die nasies wat rondom is,

- 5 so sê יהוה-God: “Ek het sekerlik in die vuur van My jaloesie teen die res van die nasies gepraat en teen die hele Edom wat My land vir hulleself as erfenis opgedeel het. Met die vreugde van hulle verstand, wil en emosie het hulle die mense verag, om hulle uit te dryf as gevangenes en hulle te plunder;”
- 6 daarom, profeteer oor die land van Yisra'el en praat tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die valleie: “So sê יהוה-God: ‘Let op, Ek het in My jaloesie en in My toorn gepraat omdat julle die smaad van die nasies gedra het;’
- 7 daarom, so sê יהוה-God: ‘Ek het gesweer dat die nasies rondom sekerlik self hulle smaad sal dra,
- 8 maar julle, o berge van Yisra'el, sal julle takke uitsteek en julle vrugte dra vir My volk Yisra'el, want hulle sal gou kom,
- 9 want let op, Ek is vir julle en Ek sal na julle toe draai en julle sal bewerk en besaai word.
- 10 Ek sal mense op jou vermenigvuldig, die hele huis van Yisra'el, almal; die stede sal bewoon wees en die puinhoep opgebou.
- 11 Ek sal mens en dier op jou vermenigvuldig; hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees en Ek sal jou laat bewoon word soos wat jy vroeër was en jou beter behandel as aan die begin. So sal julle weet dat Ek יהוה is.
- 12 Ja, Ek sal mense, My volk Yisra'el, op julle laat loop en jul besit sodat julle hul erfenis kan word en hulle nooit weer van kinders ontnem nie.’
- 13 So sê יהוה-God: ‘Omdat hulle vir julle sê: “Jy is ’n mensvreter en het jou nasie van kinders beroof,”
- 14 sal jy daarom nie meer mense verteer en nie langer jou nasie van kinders ontnem nie,’ verklaar יהוה-God.
- 15 Ek sal nie meer dat jy beledigings vanaf die nasies hoor nie en ook nie vernedering van die volke af verdra nie en jy sal ook nie langer jou nasie laat struikel nie,” verklaar יהוה-God.”
- 16 Toe het die woord van יהוה tot my gekom en gesê:
- 17 “Seun van die mens, toe die huis van Yisra'el in hulle eie land gewoon het, het hulle dit verontreinig met hul lewenswyse en hul dade; hulle lewenswyse voor My was soos die onreinheid van ’n vrou in haar onreinheid;
- 18 daarom het Ek My toorn oor hulle uitgegiet, vir die bloed wat hulle in die land vergiet het, want hulle het dit met hul afgode onteer.
- 19 Ek het hulle ook verstrooi onder die nasies en hulle is versprei deur die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul lewenswyse en hul dade.
- 20 Toe hulle by die nasies kom waarheen hulle gegaan het, het hulle My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) onteer ^{Yes 52:5; Rom 2:24} omdat dit van hulle gesê is: ‘Hierdie is die volk van יהוה;’ nogtans het hulle uit Sy land uitgegaan.’
- 21 Ek het egter omgee vir My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit), wat die huis van Yisra'el onteer het onder die nasies waarheen hulle gegaan het;
- 22 daarom, sê vir die huis van Yisra'el: ‘So sê יהוה-God: “Dit is nie om julle ontwil, o huis van Yisra'el, dat Ek op die punt is om op te tree nie, maar ter wille van My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit), wat julle onteer het onder die nasies waarheen julle gegaan het.

- 23 Ek sal die afgesonderdheid van My groot Naam herwin wat onder die nasies oonteer is, wat julle tussen hulle oonteer het, dan sal die nasies weet dat Ek יהוה is,” verklaar יהוה-God, “wanneer Ek Myself tussen julle afgesonderd bewys voor hul oë,^{Deut 9:4-7}
- 24 want Ek sal julle uit die nasies uithaal, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle in jul eie land bring;
- 25 dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.^{Heb 10:22}
- 26 Verder sal Ek vir julle ’n nuwe verstand, wil en emosie gee en ’n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle ’n verstand, wil en emosie van vlees gee.
- 27 Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My regverdige oordele na te kom.
- 28 Julle sal in die land wat Ek vir jul voorvaders gegee het bly; so sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees.
- 29 Verder sal Ek julle red van al jul onreinheid en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig en Ek sal nie ’n hongersnood op julle bring nie.
- 30 Ek sal die vrugte van die bome en die opbrengs van die veld vermenigvuldig sodat julle nie weer die vernedering van hongersnood tussen die nasies ontvang nie;
- 31 dan sal julle jul besele wylens julle dade, wat nie goed was nie, onthou en julle sal vir julleself walglik wees in julle eie oë vir jul onregverdigheide en oor jul verwerplikhede.
- 32 Ek doen dit nie om julle ontwil nie,” verklaar יהוה-God; “laat dit aan julle bekend wees! Skaam julle en wees oorbluf oor julle lewenswyse, o huis van Yisra’el.”
- 33 So sê יהוה-God: “In die dag dat Ek julle reinig van al jul onregverdigheide, sal Ek die stede laat bewoon en die puinhope sal opgebou word.
- 34 Die verlate land sal bewerk word, in plaas dat dit ’n verlatenheid is in die oë van almal wat verbygaan.
- 35 Hulle sal sê: ‘Hierdie verlate land het soos die tuin van ’Eden geword en die verwoeste stede wat in puin gelê het en afgebreek was, is versterk en bewoon,’
- 36 dan sal die nasies wat rondom julle oorgebly het, weet dat Ek יהוה, die verwoeste plekke opgebou het en geplant het waar dit verlate was; Ek, יהוה, het gepraat en sal dit doen.”
- 37 So sê יהוה-God: “Ook dit sal Ek die huis van Yisra’el My laat vra om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape.
- 38 Soos die skape vir offers, soos die skape van Yerushalayim tydens haar aangestelde feeste, so sal die verwoeste stede vol wees met kuddes van mense, dan sal hulle weet dat Ek יהוה is.””
- 37** 1 Die hand van יהוה was op my en Hy het my uitgebring deur die Gees van יהוה en my neergesit in die middel van die vallei en dit was vol bene.
- 2 Hy het my by hulle laat verbygaan reg rondom; ’n groot menigte oor die oppervlakte van die vallei en let op, hulle was baie droog.
- 3 Hy het vir my gesê: “Seun van ’n mens, kan hierdie bene lewe?” Ek het geantwoord: “יהוה-God, U weet.”

- 4 Weer sê Hy vir my: "Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: 'Droë bene, hoor en luister na die woord van יהוה!'"
- 5 So sê יהוה-God vir hierdie bene: "Let op, Ek sal asem in julle laat ingaan sodat julle lewendig kan word.
- 6 Ek sal senings aan julle sit, vlees oor julle laat teruggroei, julle oordek met vel en asem in julle gee sodat julle lewendig kan word en julle sal weet dat Ek יהוה is."
- 7 Ek het profeteer soos ek beveel is en soos ek profeteer, was daar 'n geluid en let op, 'n geratel; die bene het bymekaargekom, been by sy been.
- 8 Ek het gekyk en let op, daar was senings aan hulle, vlees het gegroei en 'n vel het hulle bedek, maar daar was geen gees in hulle nie.
- 9 Toe sê Hy vir my: "Profeteer tot die wind, profeteer, seun van 'n mens en sê vir die wind: 'So sê יהוה-God: "Kom vanuit die vier windstreke, o wind en blaas in hierdie dooies in sodat hulle lewendig kan word."'"
- 10 Ek het profeteer soos Hy my beveel het en die gees het in hulle ingekom en hulle het lewendig geword en op hulle voete gestaan; 'n uitermate groot leër!
- 11 Toe sê Hy vir my: "Seun van 'n mens, hierdie bene is die hele huis van Yisra'el; let op, hulle sê: 'Ons bene is verdroog en ons verwagting het vergaan. Ons is volledig afgesny!'"
- 12 Profeteer daarom en sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, My volk; Ek sal julle in die land van Yisra'el bring,
- 13 dan sal julle weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek julle grafte oopgemaak het en julle uit jul grafte laat opkom het, My volk!
- 14 Ek sal My Gees in julle plaas en julle sal lewe en Ek sal julle in jul eie land sit; dan sal julle weet dat Ek, יהוה, gepraat en dit gedoen het," verklaar יהוה."
- 15 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:
- 16 "Jy, seun van 'n mens, vat vir jouself een stok en skryf daarop: 'Vir Y'hudah en vir die seuns van Yisra'el, sy bondgenote;' vat dan 'n ander stok en skryf daarop: 'Vir Yosef, die stok van Efrayim en die hele huis van Yisra'el, sy bondgenote.'
- 17 Sit hulle vir jouself bymekaar, die een by die ander, in een stok sodat hulle een kan word in jou hand.
- 18 Wanneer die seuns van jou volk met jou praat en sê: 'Wil jy nie vir ons verklaar wat jy met hierdie dinge bedoel nie?'
- 19 Sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal die stok van Yosef vat, wat in die hand van Efrayim is en die stamme van Yisra'el, sy bondgenote en Ek sal hulle by hom sit, by die stok van Y'hudah en hulle een stok maak en hulle sal een word in My hand.'" Efe 2:11-19
- 20 Die stokke waarop jy skryf moet in jou hand, voor hulle oë, wees.
- 21 Sê vir hulle: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek sal die seuns van Yisra'el uithaal van tussen die nasies waarheen hulle gegaan het en Ek sal hulle van alle kante af bymekaarmaak en hulle in hul eie land bring
- 22 en Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Yisra'el en een Koning sal vir hulle almal Koning wees en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en nie verder in twee koninkryke verdeeld wees nie. Hos 2:2

- 23 Hulle sal hulself nie meer onrein maak met hulle afgode of met hulle verwerplike dinge of met enige van hulle oortredinge nie, maar Ek sal hulle bevry uit al hulle blyplekke waarin hulle gesondig het en sal hulle reinig. Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees. ^{Yir 31:33}
- 24 My Dienskneg Dawid sal Koning oor hulle wees, hulle sal almal een Herder hê ^{Yog10:16} en hulle sal in My regverdige oordele loop en My instellings onderhou en hulle gehoorsaam. ^{Hos 3:5}
- 25 Hulle sal woon in die land wat Ek vir Ya'akov, My dienskneg, gegee het, waar julle vaders gewoon het en hulle sal daarin woon, hulle en hulle kinders en hulle kindskinders vir ewig en Dawid, My Dienskneg sal hulle Prins wees vir ewig. ^{Mik 5:1,3}
- 26 Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit; dit sal 'n ewige verbond met hulle wees en Ek sal hulle vermenigvuldig en Ek sal My Afgesonderde Plek in hulle midde opstel vir ewig. ^{Yes 60:13,14; Efe 2:20-22}
- 27 My blyplek sal ook by hulle wees en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees ^{Yir 31:33; 2 Kor 6:16; Open 21:3}
- 28 en die nasies sal weet dat Ek יהוה is wat Yisra'el afsonder, wanneer My Afgesonderde Plek vir ewig in hulle midde sal wees.”””

38 1 Die woord van יהוה het tot my gekom en gesê:

- 2 “Seun van 'n mens, draai jou gesig teen Gog, van die land van Magog, die hoofprins van Meshekh en Tuval ^{Gen 10:2} en profeteer teen hom
- 3 en sê: ‘So sê יהוה-God: “Let op, Ek is teen jou, o Gog, hoofprins van Meshekh en Tuval!
- 4 Ek sal jou omdraai en hake in jou kakebene sit, jou en jou hele leër, perde en ruiters, almal wonderlik toegerus, 'n groot menigte met die groot en die klein skild, wat almal die swaard hanteer, sal Ek uitbring;
- 5 Paras, Kush en Put saam met hulle, almal met skild en helm;
- 6 Gomer met al sy troepe, Beit-Togarmah, vanaf die uithoeke van die noorde met al sy troepe; baie volke saam met jou.
- 7 Wees gereed en berei jouself voor, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het en wees vir hulle 'n wag.
- 8 Ná baie dae sal jy geroep word; in die laaste jare sal jy in 'n land inkom wat van die swaard herstel het, wat versamel is uit baie nasies na die berge van Yisra'el wat voortdurende puinhope was, maar sy mense is vanuit die nasies gebring en hulle bly almal in veiligheid.
- 9 Jy sal opgaan, jy sal kom soos 'n storm; jy sal wees soos 'n wolk wat die land oordek, jy, al jou troepe en baie volke saam met jou.”
- 10 So sê יהוה-God: “Dit sal gebeur in daardie dag dat daar gedagtes in jou denke sal opkom en jy sal 'n bese plan beraam
- 11 en sê: ‘Ek sal opgaan teen die land van ongemuurde dorpe. Ek sal teen hulle opgaan wat rustig is, wat in veiligheid woon; almal van hulle bly sonder muur met geen grendels of poorte nie;
- 12 om buit te maak en plunder te vat, om jou hand te draai teen die puinhope wat weer bewoon is en teen die mense wat vanuit die nasies versamel is, wat vee en goedere verkry het, wat in die middel van die aarde woon.’

- 13 Sh'va, D'dan, die handelaars van Tarshish en al sy dorpies sal vir jou sê: 'Kom jy om buit te maak? Het jy jou menigte bymekaar laat kom om plunder te vat, om silwer en goud weg te dra, om vee en goedere weg te vat, om 'n groot buit te maak?'"
- 14 Profeteer daarom, o seun van 'n mens en sê vir Gog: 'So sê יהוה-God: "Op daardie dag wanneer My volk Yisra'el veilig bly, sal jy dit nie weet nie?"
- 15 Jy sal kom uit jou plek, vanuit die uiterste plekke van die noorde, jy en baie volke saam met jou wat almal op perde ry, 'n groot menigte en 'n magtige leër
- 16 en jy sal soos 'n wolk die land toedek teen My volk Yisra'el. Dit sal gebeur in die laaste dae dat Ek jou teen My land sal bring sodat die nasies My kan ken wanneer Ek My deur jou, o Gog, voor hulle oë laat afsonder."
- 17 So sê יהוה-God: "Is jy die een van wie Ek in die vroeër dae gepraat het deur My knegte, die profete van Yisra'el, wat in daardie dae, vir jare, geprofeteer het dat Ek jou teen hulle sal bring?"
- 18 Dit sal gebeur op daardie dag, wanneer Gog teen die land van Yisra'el kom," verklaar יהוה-God, "dat My toorn sal opbou in My woede.
- 19 In My ywer en in My brandende toorn verklaar Ek dat daar sekerlik op daardie dag 'n groot aardbewing sal wees in die land van Yisra'el.
- 20 Die visse van die see, die voëls van die hemel, die wilde diere van die veld, al die gediertes wat op die grond kruip en al die mense wat op die aarde is, sal bewoos in My Teenwoordigheid; die berge sal ook neergegooi word, die steil paadjies sal inmekaar stort en al die mure sal op die grond neerval.
- 21 Ek sal roep vir 'n swaard teen hom op al My berge," verklaar יהוה-God. "Elke man se swaard sal teen sy broer wees.
- 22 Ek sal in die oordeel met hom tree met pes en met bloed en Ek sal 'n geweldige storteën, met haelstene, vuur en swaël op hom, op sy leërs en op die baie volke wat saam met hom is, laat reën. Open 19:20; 20:9
- 23 Ek sal Myself verhef, Myself afsonder en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies en hulle sal weet dat Ek יהוה is."
- 39** 1 "Jy, seun van 'n mens, profeteer teen Gog en sê: 'So sê יהוה-God: "Let op, Ek is teen jou, o Gog, hoofprins van Meshekh en Tuval.
- 2 Ek sal jou omdraai en jou voortdryf, jou bring vanuit die verste dele van die noorde en jou teen die berge van Yisra'el laat kom.
- 3 Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val.
- 4 Jy sal val op die berge van Yisra'el, jy en al jou troepe en die volke wat saam met jou is; Ek sal jou gee as kos aan elke soort roofvoël en aan elke soort wilde dier van die veld.
- 5 Jy sal op die oop veld val, want dit is Ek wat gepraat het," verklaar יהוה-God.
- 6 "Ek sal vuur stuur op Magog en die wat in veiligheid die kuslande bewoon en hulle sal weet dat Ek יהוה is.
- 7 Ek sal My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) te midde van My volk Yisra'el bekend maak en Ek sal nie dat My afgesonderde Naam meer onteer word nie en die nasies sal weet dat Ek יהוה is, die Afgesonderde Een in Yisra'el.

- 8 Let op, dit kom en dit sal gedoen word,” verklaar יְהוָה-God. “Dit is die dag waarvan Ek gepraat het;
- 9 dan sal die inwoners van die stede van Yisra'el uitgaan en vuur maak met die wapens en hulle brand, beide klein en groot skilde, boë en pyle, knopkieries en spiese en hulle sal daarmee vuur maak vir sewe jaar lank.
- 10 Hulle sal nie hout uit die veld vat of vuurmaakhout in die woude bymekaarmaak nie, want hulle sal vuurmaak met die wapens en hulle sal die buit vat van dié wat hulle buit gevat het en die plunder vat van dié wat hulle geplunder het,” verklaar יְהוָה-God.
- 11 Op daardie dag sal Ek vir Gog 'n begraafplaas daar in Yisra'el gee, die vallei van dié wat aan die oostekant van die see verbytrek en dit sal die wat deurtrek blokkeer. Daar sal hulle vir Gog en sy hele menigte begrawe en hulle sal dit noem: die vallei van Hamon-Gog.
- 12 Die huis van Yisra'el sal sewe maande lank besig wees om hulle te begrawe om die land te reinig.
- 13 Al die mense van die land sal hulle begrawe en dit sal tot hulle roem wees, die dag as Ek Myself loof en vereer,” verklaar יְהוָה-God.
- 14 Selfs sewe maande daarna sal daar manne wees wat voortdurend deur die land gaan en die wat bo-op die grond oorgebly het, begrawe, om dit te reinig.
- 15 Elkeen wat deur die land trek, enige een wat 'n mensebeen sien, sal 'n merkteken daarby opsit totdat die begrawers dit begrawe het in die vallei van Hamon-Gog.
- 16 Selfs die naam van die stad sal Hamonah wees. So sal hulle die land reinig.”
- 17 Jy, seun van 'n mens, so sê יְהוָה-God: ‘Praat met elke soort voël en met elke soort wilde dier van die veld: “Vergader en kom, versamel vanaf elke kant by My offer wat Ek vir julle gaan offer, as 'n groot offer op die berge van Yisra'el dat julle vlees mag eet en bloed drink!” ^{Yir 7:33}
- 18 Julle sal die vlees van die magtige manne eet en die bloed van die prinse van die aarde drink, asof dit ramme, lammers, bokke, bulle, almal vetgemaakte diere van Bashan is.
- 19 Julle sal vet eet totdat julle oorversadig is en bloed drink totdat julle dronk is, van My offer wat Ek vir julle geoffer het. ^{Lev 3:17}
- 20 Julle sal aan My tafel ooreet wees aan perde en hulle ruiters, aan magtige manne en alle soorte krygsmanne,” verklaar יְהוָה-God.
- 21 Ek sal My Gemanifesteerde Teenwoordigheid tussen die nasies bring en al die nasies sal My oordeel sien wat Ek uitgevoer het en My hand wat Ek op hulle gelê het.
- 22 Die huis van Yisra'el sal van daardie dag af aan weet dat Ek, יְהוָה, hulle God is.
- 23 Die nasies sal weet dat die huis van Yisra'el as gevolg van hulle onregverdigheid in ballingskap gegaan het omdat hulle ontrou teenoor My opgetree het en Ek My gesig vir hulle weggesteek het; Ek het hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee en almal van hulle het deur die swaard geval.
- 24 Volgens hulle onreinheid en volgens hulle oortredinge het Ek met hulle gehandel en My gesig vir hulle weggesteek.” ^{Deut 31:18}

- 25 יהוה-God sê daarom: “Nou sal Ek die welgevalle van Ya'akov herstel en omgee vir die hele huis van Yisra'el en Ek sal jaloers wees ter wille van My afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit).
- 26 Hulle sal hul vernedering vergeet en al hul ontrouheid wat hulle teen My begaan het, wanneer hulle veilig in hul land woon met niemand om hulle bang te maak nie. ^{Lev 26:6}
- 27 Wanneer Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, dan sal Ek deur hulle afgesonder word voor die oë van baie nasies,
- 28 dan sal hulle weet dat Ek, יהוה, hulle God is omdat Ek hulle in ballingskap laat gaan het tussen die nasies en hulle toe versamel het in hulle eie land en Ek sal nie een van hulle meer daar agterlaat nie.
- 29 Ek sal nie langer My gesig vir hulle wegsteek nie, want Ek sal My Gees oor die huis van Yisra'el uitgiet,” verklaar יהוה-God. ^{Yo' 2:28}
- 40** 1 In die vyf en twintigste jaar van ons ballingskap, aan die begin van die jaar, op die tiende van die maand, in die veertiende jaar nadat die stad ingeneem is, op daardie selfde dag, was die hand van יהוה op my en Hy het my daarheen gebring.
- 2 In visioene van God het Hy my in die land van Yisra'el gebring en my op 'n baie hoë berg neergesit waarop, aan die suidekant, 'n struktuur soos 'n stad was. ^{Heb 12:22}
- 3 Hy het my daarheen gebring en let op, daar was 'n man wat in sy voorkoms was soos koper, met 'n linne tou en 'n meetstok in sy hand en hy het in die poort gestaan.
- 4 Die man het vir my gesê: “Seun van 'n mens, kyk met jou oë, hoor met jou ore en gee aandag aan alles wat ek jou gaan wys, want jy is hierheen gebring om dit vir jou te wys. Verkondig aan die huis van Yisra'el alles wat jy sien.”
- 5 Let op, daar was 'n muur aan die buitekant van die tempel, reg rondom en in die man se hand was 'n meetstok van ses el; elke el was een el en 'n handbreedte. Hy het die dikte van die muur gemeet: een meetstok en die hoogte: een meetstok.
- 6 Toe het hy na die poort toe gegaan wat oos kyk, met sy trappe opgegaan en die drumpel van die poort gemeet: een meetstok in breedte en die ander drumpel: een meetstok in breedte.
- 7 Die wagkamer: een meetstok lank en een meetstok breed en daar was vyf el tussen die wagkamers. Die drumpel van die poort langs die stoep van die poort aan die binnekant: een meetstok.
- 8 Toe het hy die stoep van die poort aan die binnekant gemeet: een meetstok.
- 9 Hy het die stoep van die poort gemeet: agt el en sy sypilare: twee el; die stoep van die poort was aan die binnekant.
- 10 Daar was drie wagkamers by die poort na die ooste aan elke kant; al drie het dieselfde afmetings gehad. Die sypilare, weerskante, het ook dieselfde afmetings gehad.
- 11 Hy het die wydte van die poort-ingang gemeet: tien el; die lengte van die poort: dertien el.
- 12 Daar was 'n afskortingsmuur voor die wagkamers van een el aan elke kant en die wagkamers was ses el aan elke kant.

- 13 Hy het die poort gemeet vanaf die dak van die een wagkamer tot by die dak van die ander: 'n breedte van vyf en twintig el, vanaf deur tot deur.
- 14 Hy het die sypilare sestig el hoog gemaak; die poort het omgeloop tot by die sypilaar van die hof.
- 15 Vanaf die voorkant van die ingangspoort tot by die voorkant van die binnestoepe van die poort: vyftig el.
- 16 Daar was geluikte vensters in die rigting van die wagkamers en in die rigting van die sypilare reg rondom; net so ook na die stoepe; daar was ook vensters reg rondom aan die binnekant en op elke sypilaar was palmboom ornamente.
- 17 Toe het hy my in die buitenste hof gebring en let op, daar was kamers en 'n plaveisel reg rondom vir die hof gemaak; dertig kamers het na die plaveisel toe gekyk.
- 18 Die plaveisel, (die laer plaveisel), was langs die poorte, ooreenkomstig die lengte van die poorte.
- 19 Toe het hy die breedte gemeet vanaf die voorkant van die laer poort tot voor die buitekant van die binneste hof: een honderd el, aan die ooste en aan die noordekant.
- 20 Aangaande die poort van die buitenste hof wat na die noorde lê, het hy sy lengte en sy breedte gemeet.
- 21 Dit het drie wagkamers aan elke kant gehad en sy sypilare en sy stoepe het dieselfde afmeting gehad as die eerste poort: vyftig el sy lengte en vyf en twintig el die breedte.
- 22 Sy vensters, sy stoepe en sy palmboom ornamente het dieselfde afmetings gehad as die poort wat na die ooste kyk; dit kon bereik word deur sewe trappe en sy stoep was voor hom.
- 23 Die binneste hof het 'n poort oorkant die poort na die noorde sowel as na die ooste en hy het 'n honderd el gemeet van poort tot poort.
- 24 Toe het hy my na die suide toe gelei en let op, daar was 'n poort na die suide en hy het sy sypilare en sy stoepe gemeet volgens dieselfde afmetings.
- 25 Die poort en sy stoepe het vensters reg rondom gehad, soos die ander vensters; die lengte was vyftig el en die breedte vyf en twintig el.
- 26 Sewe trappe het opgegaan daarheen en sy stoepe was voor hulle en dit het palmboom ornamente gehad op sy sypilare, een aan elke kant.
- 27 Die binneste hof het 'n poort na die suide gehad en hy het van poort tot poort na die suide toe gemeet: 'n honderd el.
- 28 Toe het hy my via die Suidpoort na die binneste hof gebring en hy het die Suidpoort gemeet volgens daardie selfde afmetings.
- 29 Sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe was volgens daardie selfde afmetings en die hek en die stoepe het vensters reg rondom gehad; dit was vyftig el lank en vyf en twintig el breed.
- 30 Daar was stoepe reg rondom; vyf en twintig el lank en vyf el breed.
- 31 Sy stoepe was na die buitenste hof met palmboom ornamente op sy sypilare en sy trap het agt trappe gehad.
- 32 Hy het my in die binneste hof ingebring in die rigting van die ooste en hy het die poort gemeet volgens daardie selfde afmetings.

- 33 Ook sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe was volgens daardie selfde afmetings en die poort en die stoepe het vensters reg rondom gehad; dit was vyftig el lank en vyf en twintig el breed.
- 34 Sy stoepe was in die rigting van die buitenste hof en daar was palmboom ornamente op sy sypilare aan elke kant en sy trap het agt trappe gehad.
- 35 Toe het hy my na die Noordpoort gebring en hy het dit gemeet volgens daardie selfde afmetings,
- 36 sy wagkamers, sy sypilare en sy stoepe. Die poort het vensters reg rondom gehad; die lengte was vyftig el en die breedte vyf en twintig el.
- 37 Sy stoepe was in die rigting van die buitenste hof en daar was palmboom ornamente op elke kant op sy sypilare en sy trap het agt trappe gehad.
- 38 'n Kamer met sy ingang was by die sypilare by die poorte; daar het hulle die brandoffer afgespoel.
- 39 Op die stoepe van die poort was twee tafels aan elke kant om daarop die brandoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer te slag.
- 40 Aan die buitekant, soos jy opgaan na die poort in die noorde, was twee tafels en aan die ander kant van die stoep van die poort, was twee tafels.
- 41 Vier tafels was aan elke kant langs die poort; agt tafels waarop hulle geslag het.
- 42 Daar was vier tafels vir die brandoffer, van gekapte klip, 'n anderhalf el lank, 'n anderhalf el breed en een el hoog waarop hulle die instrumente neergesit het waarmee hulle die brandoffer en die slagoffer geslag het.
- 43 Die dubbel hake, 'n handbreedte lank, was reg rondom die huis opgesit en op die tafels was die vleis vir die offers.
- 44 Vanaf die buitekant tot by die binneste poort was daar kamers vir die sangers in die binneste hof, een van hulle was langs die Noordpoort, met sy voorkant na die suide toe en een was langs die Suidpoort, met die voorkant na die noorde toe.
- 45 Hy het vir my gesê: "Hierdie is die kamer wat na die suide kyk, vir die priesters wat die tempel moet versorg,
- 46 maar die kamer wat na die noorde toe kyk is vir die priesters wat die altaar versorg. Hulle is die seuns van Tzadok, wat vanuit die seuns van Levi nader mag kom na דוד" om Hom te bedien.
- 47 Hy het die hof gemeet: 'n vierkant, een honderd el lank en 'n honderd el breed en die altaar was voor die tempel.
- 48 Toe het hy my na die stoep van die tempel gebring en elke sypilaar van die stoep gemeet: vyf el aan elke kant en die breedte van die poort was drie el aan elke kant.
- 49 Die lengte van die stoep was twintig el en die breedte elf el en by die trappe waarmee daarheen opgegaan is, was daar pilare by die sypilare, een aan elke kant.
- 41** 1 Toe het hy my na die hoofvertrek gebring en die sypilare gemeet: die breedte van die sypilare was ses el breed aan elke kant.
- 2 Die breedte van die ingang: tien el en die symure van die ingang: vyf el aan elke kant; hy het die lengte van die hoofvertrek gemeet: veertig el en die breedte: twintig el.

- 3 Toe het hy ingegaan en elke sy pilaar van die ingang gemeet: twee el en die ingang: ses el hoog en die breedte van die ingang: sewe el.
- 4 Hy het sy lengte gemeet: twintig el en die breedte: twintig el, voor die hoofvertrek en hy het vir my gesê: "Hierdie is die Mees Afsonderde Plek."
- 5 Toe het hy die muur van die tempel gemeet: ses el en die breedte van die sykamers: vier el, reg rondom die huis aan elke kant.
- 6 Die sykamers was in drie verdiepings, bo-op mekaar en dertig op elke verdieping en die sykamers het gerek tot by die muur aan hulle binnekant, reg rondom, om daaraan vas te wees en nie aan die muur van die tempel vas te wees nie.
- 7 Die sykamers rondom die tempel was breër met elke volgende verdieping omdat die struktuur wat die tempel omring in stappe opwaarts gegaan het aan alle kante van die tempel. Die breedte van die tempel het vermeerder soos dit hoër geword het en so het 'n mens opgegaan vanaf die onderste na die boonste verdieping deur die tweede verdieping.
- 8 Ek het ook gesien dat die huis 'n opgeligte platvorm reg rondom het en die sykamers was die volle meetstok van ses el geskei van mekaar.
- 9 Die dikte van die buitemuur van die sykamers was vyf el, maar die oop ruimte tussen die sykamers wat aan die tempel behoort het
- 10 en die buitenste kamers was twintig el breed, reg rondom die tempel aan elke kant.
- 11 Die deuropeninge van die sykamers na die oop ruimte was een deur in die rigting van die noorde en 'n ander een in die rigting van die suide en die breedte van die oop ruimte: vyf el reg rondom.
- 12 Die gebou wat voor die afsonderlike ruimte na die westekant toe lê, was sewentig el breed en die muur van die gebou was vyf el dik reg rondom en sy lengte negentig el.
- 13 Toe het hy die tempel gemeet: een honderd el lank; die afsonderlike ruimte met die gebou en sy mure was ook 'n honderd el lank.
- 14 Die breedte van die voorkant van die tempel en van die afsonderlike ruimtes na die ooste toe was ook 'n honderd el.
- 15 Hy het die lengte van die gebou al langs die voorkant van die afsonderlike deel, agter dit, gemeet, met 'n galery aan elke kant: een honderd el; hy het ook die binneste hoofvertrek en die stoepe van die hof gemeet.
- 16 Die drumpels, die tralievensters en die galerye rondom hulle drie verdiepings, oorkant die drupel, was van houtpanele reg rondom en vanaf die grond tot by die vensters, maar die vensters was bedek,
- 17 bokant die ingang, tot in die binneste huis, aan die buitekant en op al die mure reg rondom, binnekant en buitekant, met vaste mate.
- 18 Dit was uitgekerf met gérubs en palmbome en daar was 'n palmboom tussen gérub en gérub; elke gérub het twee gesigte gehad:
- 19 die gesig van 'n mens na die palmboom toe aan een kant en die gesig van 'n jong leeu na die palmboom aan die ander kant; hulle is op die hele huis uitgekerf, reg rondom.
- 20 Vanaf die grond tot bokant die ingang is gérubs en palmbome uitgekerf, sowel as aan die muur van die hoofvertrek.

- 21 Die deurposte van die hoofvertrek was vierkantig en wat die voorkant van die Afgesonderde Plek betref, was die voorkoms van een deurpos soos die van die ander.
- 22 Die altaar was van hout, drie el hoog en sy lengte was twee el; sy hoeke, sy voetstuk en sy sykante was van hout. Hy het vir my gesê: "Dit is die tafel wat voor die Teenwoordigheid van יהוה is."
- 23 Die hoofvertrek en die Afgesonderde Plek het elkeen 'n dubbeldeur gehad.
- 24 Elkeen van die deure het twee panele gehad, twee swaaiende panele; twee panele vir die een deur en twee vir die ander.
- 25 Daar was ook op die deure van die hoofvertrek gérubs en palmbome uitgekerf soos die wat op die mure uitgekerf is en daar was 'n drumpel van hout aan die voorkant van die stoep, buitekant.
- 26 Daar was tralievensters en palmbome aan weerskante in die symure van die stoep; so was die sykamers van die huis en die drumpels.
- 42** 1 Toe het hy my uitgebring na die buitenste hof, by die pad na die noorde en hy het my gebring by die kamer wat oorkant die afsonderlike area en oorkant die gebou na die noorde toe was.
- 2 Die noordelike deur was teen die lengte, wat een honderd el was; die breedte was vyftig el.
- 3 Oorkant die twintig el wat aan die binneste hof behoort en oorkant die plaveisel wat aan die buitenste hof behoort, was galery bokant galery, drie verdiepings hoog.
- 4 Voor die kamers was 'n binneste gang van tien el breed, 'n gang van een honderd el lank en hulle openinge was in die noorde.
- 5 Die boonste kamers was kleiner, want die galerye het meer spasie van hulle weggevat as van die onderstes en middelstes in die gebou,
- 6 want hulle was in drie verdiepings, maar het nie pilare soos die pilare van die howe gehad nie; daarom is hulle van die grond af weggelig, meer as die onderstes en die middelstes.
- 7 Wat die buitemuur langs die kamers betref, in die rigting van die buitenste hof, na die kamers toe, was sy lengte vyftig el,
- 8 want die lengte van die kamers in die buitenste hof was vyftig el en let op, die wat na die tempel kyk was een honderd el.
- 9 Onder hierdie kamers was die ingang aan die oostekant, soos jy hulle binnegaan vanaf die buitenste hof.
- 10 In die dikte van die muur van die hof, na die ooste toe, wat kyk na die afsonderlike area en die bouwerk, was daar kamers.
- 11 Die pad voor hulle het gelyk soos die kamers wat aan die noordekant was, volgens hulle lengte, so was hulle breedte en al hulle uitgange was beide volgens hulle indelings en openinge.
- 12 Ooreenstemmend met die openinge van die kamers wat in die suide was, was daar 'n opening aan die kop van die gang, die gang voor die muur in die rigting van die ooste, soos 'n mens by hulle ingaan.

- 13 Toe het hy vir my gesê: “Die noordelike kamers en die suidelike kamers wat oorkant die afsonderlike area is, is die afgesonderde kamers waar die priesters wat naby יהוה is, die mees afgesonderde dinge sal eet. Daar moet hulle die mees afgesonderde dinge neersit: die graanoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer, want die plek is afgesonderd.
- 14 Wanneer die priesters ingaan, dan mag hulle nie uit die Afgesonderde Plek uitgaan na die buitenste hof, sonder om hulle klere, waarin hulle bedien, daar neer te sit nie, want hulle is afgesonderd. Hulle moet ander klere aantrek en dan naderkom aan wat vir die volk bestem is.”
- 15 Toe hy klaar die binneste huis opgemeet het, het hy my deur die poort wat na die ooste kyk uitgebring en dit reg rondom gemeet.
- 16 Hy het die oostekant met die meetstok gemeet: vyf honderd stokke, met die meetstok.
- 17 Hy het die noordekant gemeet: vyf honderd stokke, met die meetstok.
- 18 Aan die suidekant het hy vyf honderd stokke gemeet met die meetstok.
- 19 Hy het na die westekant gedraai en vyf honderd stokke gemeet met die meetstok.
- 20 Hy het dit aan al vier kante gemeet; dit het 'n muur reg rondom gehad; die lengte was vyf honderd en die breedte vyf honderd, om skeiding te maak tussen wat afgesonderd en wat onrein is.

- 43** 1 Toe het hy my gelei na die poort, die poort wat na die ooste kyk
- 2 en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die God van Yisra'el het van die oostekant af gekom, Sy stem was soos die klank van baie waters ^{Open 1:15; 14:2} en die aarde het geskyn met Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
- 3 Dit was soos die verskyning van die visioen wat ek gesien het, die visioen wat ek gesien het toe Hy gekom het om die stad te vernietig en soos die visioen wat ek gesien het by die K'varrivier en ek het op my gesig neergeval.
- 4 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het in die huis ingekom deur die poort wat na die ooste kyk ^{Yeg 44:2}
- 5 en die Gees het my opgelig, my in die binneste hof gebring en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis vol gemaak.
- 6 Toe het ek Een gehoor wat met my praat vanaf die huis terwyl 'n man langs my gestaan het.
- 7 Hy het vir my gesê: “Seun van 'n mens, hierdie is die plek van My troon en die plek van My voetsole waar Ek tussen die seuns van Yisra'el vir ewig sal bly; die huis van Yisra'el sal nie weer My Afgesonderde Naam onteer nie; nie hulle of hulle konings, deur hulle hoerery of deur die lyke van hulle konings of met hulle afgode nie, ^{Yes 60:13; Yeg 37:28; Dan 9:24}
- 8 want hulle het hul drumpel langs My drumpel gemaak en hul deurpos langs My deurpos, met net die muur tussen My en hulle en hulle het selfs My afgesonderde Naam onteer deur hulle verwerplikhede wat hulle gedoen het; daarom het Ek hulle in My toorn verteer.
- 9 Nou laat hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af wegsit en Ek sal vir ewig tussen hulle bly.

- 10 Wat jou betref, seun van 'n mens, beskryf die tempel aan die huis van Yisra'el sodat hulle skaam kan wees vir hulle onregverdighede en laat hulle die bloudrukplan opmeet.
- 11 As hulle skaam is oor alles wat hulle gedoen het, maak aan hulle die ontwerp van die huis bekend: sy struktuur, sy uitgange, sy ingange, sy hele ontwerp, al sy voorskrifte en al sy wette. Skryf dit voor hulle oë sodat hulle sy hele ontwerp kan waarneem met al sy instellings en dit kan doen.
- 12 Dit is die wet van die huis: sy hele gebied op die top van die berg sal mees afgesonderd wees. Let op, dit is die wet van die huis.
- 13 Hierdie is die afmetings van die altaar in elle (hierdie el is 'n el en 'n handbreedte): die voetstuk sal 'n el wees en die breedte 'n el en die rand op sy kant reg rondom: omtrent een span en dit sal die hoogte van die basis van die altaar wees.
- 14 Vanaf die voetstuk op die grond tot by die onderste rand: twee el en die breedte: een el; van die kleiner rand tot by die groter rand: vier el en die breedte: een el.
- 15 Die altaar: vier el en van die altaar af moet vier horings boontoe uitsteek.
- 16 Die altaar moet twaalf el lank by twaalf el breed wees, vierkantig in sy vier kante.
- 17 Die rand moet veertien el lank by veertien el breed wees aan sy vier kante en die rand rondom dit: 'n half-el en die voetstuk daaraan: 'n el reg rondom en sy trappe moet oos kyk."
- 18 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, so sê יהוה-God: 'Hierdie is die instellings vir die altaar op die dag as dit gemaak word, om brandoffers daarop te bring en om bloed daarteen te sprinkel.
- 19 Jy moet vir die Levitiese priesters wat uit die nageslag van Tzadok is, wat naderkom na My toe om My te bedien,' verklaar יהוה-God, 'n jong bul gee as sondoffer.
- 20 Jy moet van sy bloed vat en dit aan die vier horings, op die vier hoeke van die rand en op die rand reg rondom smeer; so moet jy dit dan reinig en toedekking doen daarvoor.
- 21 Jy moet ook die bul vir die sondoffer vat en dit moet verbrand word in die aangestelde plek van die huis, buitekant die Afgesonderde Plek.
- 22 Op die tweede dag moet jy 'n bokram sonder gebrek as sondoffer offer en hulle moet die altaar reinig soos hulle dit met die bul gereinig het.
- 23 Wanneer jy dit klaar gereinig het, moet jy 'n jong bul sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek uit die kleinvee aanbied.
- 24 Jy moet hulle in die Teenwoordigheid van יהוה aanbied en die priesters moet sout daarop strooi en hulle as brandoffers aan יהוה offer.
- 25 Vir sewe dae lank moet jy daaglik 'n bok as 'n sondoffer voorberei; ook 'n jong bul en 'n ram uit die kleinvee, sonder gebrek, moet voorberei word.
- 26 Vir sewe dae lank moet hulle vir die altaar toedekking doen en dit reinig; so sal hulle dit afsonder.
- 27 Wanneer hulle die dae voltooi het, sal dit wees dat op die agste dag en verder, die priesters julle brandoffers en julle vredesoffers op die altaar sal offer en Ek sal jul aanvaar,' verklaar יהוה-God."

- 44** 1 Toe het hy my teruggebring via die buitenste poort van die Afgesonderde Plek wat na die ooste kyk en dit was gesluit.
- 2 יהוה het vir my gesê: “Hierdie poort moet toegesluit bly, dit mag nie oopgemaak word nie en niemand mag daardeur ingaan nie omdat יהוה, die God van Yisra'el, daardeur ingegaan het; daarom moet dit gesluit bly. ^{Yeg 43:4}
- 3 Wat die prins betref, hy moet as prins daarin sit om brood te eet voor יהוה; hy moet ingaan via die stoep van die poort en op dieselfde plek uitgaan.”
- 4 Toe het hy my via die Noordpoort gebring na die voorkant van die huis en ek het gekyk en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van יהוה vol gemaak en ek het op my gesig neergeval.
- 5 יהוה het vir my gesê: “Seun van 'n mens, let goed op, kyk met jou oë en hoor met jou ore alles wat Ek vir jou sal sê aangaande al die regulasies van die huis van יהוה en aangaande al sy wette en gee goed ag op die ingang van die huis, met al die uitgange van die Afgesonderde Plek. ^{Yeg 43:10-12}
- 6 Jy moet vir die rebelses sê, vir die huis van Yisra'el: ‘So sê יהוה-God: “Het jy nie genoeg verwerplikhede gepleeg nie, o huis van Yisra'el?
- 7 Julle bring egter ook vreemdelinge, wat onbesnedenes van verstand, wil en emosie en onbesnedenes van vlees is, in My Afgesonderde Plek in om My huis te onteer wanneer julle My kos, die vet en die bloed offer en julle My verbond tot niks maak deur al julle verwerplikhede.
- 8 Julle het ook nie My Afgesonderde Plek versorg nie, maar die bewakers van My Afgesonderde Plek vir julleself as wagte gemaak.”
- 9 So sê יהוה-God: “Geen vreemdeling, onbesnede van verstand, wil en emosie en onbesnede van vlees, van al die uitlanders wat onder die seuns van Yisra'el is, mag in My Afgesonderde Plek ingaan nie,
- 10 maar die Leviëte wat ver van My afgewyk het toe Yisra'el weggedwaal het, wat van My af weggedwaal het agter hulle afgode aan, moet die straf van hulle onregverdigheid dra.
- 11 Nogtans moet hulle bedienaars wees in My Afgesonderde Plek, om toesig te hou by die poorte van die huis en in die huis te bedien; hulle moet die brandoffer en die offer vir die mense slag en voor hulle staan om hulle te bedien.
- 12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle afgode en vir die huis van Yisra'el 'n struikelblok tot onregverdigheid geword het, het Ek daarom teen hulle gesweer,” verklaar יהוה-God, “dat hulle hul onregverdigheid moet dra.
- 13 Hulle mag nie naderkom na My toe om My as priester te dien nie, of naby enige van My afgesonderde of mees afgesonderde dinge kom nie, maar hulle moet hul skande dra en hul verwerplikhede wat hulle gedoen het.
- 14 Nogtans sal Ek hulle aanstel om verantwoordelikheid te neem oor die huis, vir al sy bediening en vir alles wat daarin gedoen moet word,
- 15 maar die Levitiese priesters, die seuns van Tzadok, wat My Afgesonderde Plek versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het, moet na My toe naderkom om My te bedien en hulle sal voor My staan om aan My die vet en die bloed te offer,” verklaar יהוה-God.

- 16 “Hulle moet My Afgesonderde Plek ingaan; hulle moet naby My tafel kom om My te bedien en My dienswerk doen.
- 17 Dit sal wees dat wanneer hulle by die poorte van die binneste hof ingaan, hulle in linne klere aangetrek moet wees en wol mag nie op hulle kom terwyl hulle bedien in die poorte van die binneste hof en in die huis nie.
- 18 Linne tulbande moet op hulle kop wees en linne onderklere aan hulle heupe; hulle mag nie aangetrek wees met iets wat hulle laat sweet nie.
- 19 Wanneer hulle uitgaan na die buitenste hof, na die volk toe, moet hulle hul klere uittrek waarmee hulle bedien het en dit neersit in die afgesonderde kamers; dan moet hulle ander klere aantrek sodat hulle nie afgesonderdheid na die volk sal oordra met hulle klere nie. ^{Eks 30:29}
- 20 Hulle mag ook nie hulle koppe kaal skeer nie, nogtans moet hulle nie hulle hare lank laat groei nie; ^{1 Kor 11:14} hulle moet die hare van hulle kop net korter sny.
- 21 Ook mag geen priester wyn drink ^{Lev 10:9; Yes 28:7} wanneer hy in die binneste hof ingaan nie
- 22 en hulle mag nie 'n weduwee of geskeide vrou trou nie, maar jongmeisies uit die nageslag van die huis van Yisra'el of 'n weduwee wat 'n priester se weduwee is.
- 23 Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is.
- 24 In 'n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My regverdige oordele moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder.
- 25 Hulle mag nie na 'n dooie persoon gaan sodat hul onrein word nie; net vir 'n vader of 'n moeder of 'n seun of 'n dogter, of 'n broer of 'n suster wat nie 'n man gehad het nie, mag hulle hul onrein maak. ^{Lev 21:1-4}
- 26 Ná sy reiniging moet sewe dae vir hom verbygaan.
- 27 Op die dag as hy in die Afgesonderde Plek ingaan, in die binneste hof, om in die Afgesonderde Plek te bedien, moet hy sy sondoffer offer,” verklaar יהוה-God.
- 28 “Dit sal vir hulle 'n erfenis wees: Ek is hulle Erfenis en julle mag geen besitting in Yisra'el aan hulle gee nie: Ek is hulle Besitting. ^{Deut 10:9}
- 29 Hulle moet die graanoffer, die sondoffer en die oortredingsoffer eet en elke toegewyde ding in Yisra'el moet hulle s'n wees.
- 30 Die eerste van al die eerste vrugte van alles en elke bydrae van alles, van al julle bydraes, moet vir die priesters wees; julle moet ook vir die priester die eerste van julle deeg gee, om 'n seën op jou huis te laat rus.
- 31 Die priesters mag nie voëls of diere eet wat natuurlik dood is of verskeur is nie.
- 45** 1 Wanneer julle die land deur die lot vir erfenisse verdeel, moet julle 'n deel aan יהוה offer, 'n afgesonderde deel van die land; die lengte moet vyf en twintig duisend el wees en die breedte twintig duisend. Dit sal afgesonderd wees binne sy grense reg rondom.
- 2 Hieruit moet daar vir die Afgesonderde Plek 'n vierkant wees van vyf honderd by vyf honderd el en vyftig el vir sy oop spasie reg rondom.

- 3 Vanaf hierdie stuk moet jy 'n lengte van vyf en twintig duisend el en 'n breedte van tien duisend el uitmeet en daarin moet die Afgesonderde Plek en die Mees Afgesonderde Plek wees.
- 4 Dit moet die afgesonderde deel wees van die land; dit moet vir die priesters wat die Afgesonderde Plek bedien, wat naderkom om יהוה te bedien, wees en dit moet vir hulle 'n plek wees vir hulle huise en 'n afgesonderde plek vir die Afgesonderde Plek.
- 5 Vyf en twintig duisend el in lengte en tien duisend el in breedte sal vir die Leviete wees, die bedienaars van die huis, as besitting vir hulle; stede om in te bly.
- 6 Julle moet aan die stad besit gee van vyf duisend el breed en vyf en twintig duisend el lank, langs die toegedeelde afgesonderde deel; dit sal vir die hele huis van Yisra'el wees.
- 7 Die prins sal aan weerskante van die afgesonderde deel en van die stadsbesit besit hê, langs die afgesonderde deel en langs die stadsbesit, aan die westekant na die weste en aan die oostekant na die ooste; in lengte ooreenkomstig een van die gedeeltes, vanaf die westelike grens tot by die oostelike grens.
- 8 Dit sal sy land wees as 'n besitting in Yisra'el; so sal My prinse nie langer My volk onderdruk nie, maar die res van die land aan die huis van Yisra'el gee volgens hulle stamme."
- 9 So sê יהוה-God: "Dit is nou genoeg, prinse van Yisra'el; verwyder geweld en vernietiging en beoefen regverdige oordeel en onpartydige opregtheid. Stop jou onteiening van My mense," verklaar יהוה-God.
- 10 Julle moet regverdige weegskale hê, 'n regverdige efa en 'n regverdige bat.
- 11 Die efa en die bat moet 'n vaste hoeveelheid wees sodat 'n bat 'n tiende van 'n homer bevat en die efa 'n tiende van 'n homer; hulle standaard sal wees volgens die homer.
- 12 Die sikkal moet twintig gerah wees; twintig sikkels, vyf en twintig sikkels en vyftien sikkels sal vir julle 'n maneh wees.
- 13 Dit is die offer wat julle moet offer: 'n sesde van 'n efa van 'n homer koring; ook 'n sesde van 'n efa van 'n homer gars
- 14 en die voorgeskrewe deel van olie: van 'n bat olie, 'n tiende van 'n bat uit 'n kor, dit is tien bat of 'n homer, want tien bat is 'n homer.
- 15 Een skaap uit 'n trop van twee honderd vanaf die waterdrinkplekke van Yisra'el; as graanoffer, brandoffer en vredesoffers om toedekking te doen vir hulle," verklaar יהוה-God.
- 16 "Al die mense van die land moet aan die prins in Yisra'el vir hierdie offer gee.
- 17 Dit sal die prins se deel wees om die brandoffers, die graanoffers en die drankoffers op die feeste en op die Nuwemane en op die Shabbatte, op al die aangestelde feeste van die huis van Yisra'el, te voorsien; hy moet die sondoffer, die graanoffer, die brandoffer en die vredesoffers voorsien, om toedekking te doen vir die huis van Yisra'el."
- 18 So sê יהוה-God: "In die eerste maand, op die eerste van die maand, moet jy 'n jong bul sonder gebrek vat en die Afgesonderde Plek reinig.

- 19 Die priester moet van die bloed van die sondoffer vat en dit aan die deurposte van die huis sit, aan die vier hoeke van die rand van die altaar en aan die deurposte van die poort van die binneste hof.
- 20 Jy moet so maak op die sewende van die maand vir die wat verkeerd doen of afdwaal; so moet julle dan toedekking doen vir die huis.
- 21 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, moet julle die Pesag hê; 'n fees van sewe dae; ongesuurde brood moet geëet word.
- 22 Op daardie dag moet die prins vir homself en vir die hele volk 'n bul voorsien as 'n sondoffer.
- 23 Tydens die sewe dae van die fees moet hy daaglik 'n brandoffer aan יהוה voorsien: sewe bulle en sewe ramme sonder gebrek en daaglik 'n bokram as sondoffer.
- 24 Hy moet as graanoffer 'n efa vir 'n bul en 'n efa vir 'n ram en 'n hin olie vir 'n efa voorsien.
- 25 In die sewende maand, op die vyftiende dag van die maand, by die fees, moet hy so voorsien: sewe dae vir die sondoffer, die brandoffer en die graanoffer en die olie.”
- 46** 1 So sê יהוה-God: “Die poort van die binneste hof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werksdae gesluit wees, maar op die Shabbatdag moet dit oopgemaak word en op die dag van die Nuwemaan.
- 2 Die prins moet vanaf die stoep van die poort van buite af ingaan en by die deurpos van die poort gaan staan. Dan moet die priesters sy brandoffer en sy dankoffers hanteer en hy moet by die drumpel van die poort aanbid en dan uitgaan, maar die poort moenie gesluit word, tot die aand toe nie.
- 3 Die mense van die land moet ook voor die ingang van dié poort, voor die Teenwoordigheid van יהוה aanbid, op die Shabbatte en op die Nuwemane.
- 4 Die brandoffer wat die prins aan יהוה moet offer op die Shabbatdag, is ses lammers sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek
- 5 en die graanoffer moet 'n efa vir die ram wees en vir die lammers moet die graanoffer wees soveel as wat hy kan gee en 'n hin olie vir 'n efa.
- 6 Op die dag van die Nuwemaan: 'n jong bul sonder gebrek, ses lammers en 'n ram, wat sonder gebrek is
- 7 en hy moet 'n graanoffer voorsien: 'n efa vir die bul en 'n efa vir die ram, maar vir die lammers volgens wat hy kan bekostig en 'n hin olie vir 'n efa.
- 8 Wanneer die prins ingaan, moet hy deur die stoep van die poort ingaan en met dieselfde pad weer uitgaan.
- 9 Wanneer die mense van die land egter voor die Teenwoordigheid van יהוה kom op die aangestelde feeste, moet hy wat deur die Noordpoort ingaan om te aanbid, deur die Suidpoort uitgaan en hy wat deur die Suidpoort ingaan, moet deur die Noordpoort uitgaan. Niemand mag teruggaan deur die poort waardeur hy ingegaan het nie, maar moet reguit vorentoe uitgaan.
- 10 Wanneer hulle ingaan, moet die prins tussen hulle ingaan en wanneer hulle uitgaan, moet hy uitgaan.

- 11 By die feeste en op die aangestelde feeste moet die graanoffer 'n efa vir 'n bul en 'n efa vir 'n ram wees en vir die lammers soveel as iemand in staat is om te gee en 'n hin olie vir 'n efa.
- 12 Wanneer die prins 'n vrywillige offer voorsien, 'n brandoffer of vredesooffers as vrywillige offer aan יהוה, dan moet hulle vir hom die poort oopmaak wat na die ooste kyk en hy moet sy brandoffer en sy vredesooffers voorsien soos wat hy op die Shabbatdag doen. Dan moet hy uitgaan en die poort moet gesluit word nadat hy uitgegaan het.
- 13 Hy moet ook daaglik 'n lam in sy eerste jaar sonder gebrek voorsien as brandoffer aan יהוה; oggend na oggend moet hy dit voorsien.
- 14 Hy moet ook oggend na oggend 'n graanoffer saam met dit voorsien: 'n sesde van 'n efa en 'n derde van 'n hin olie om die fyn meel klam te maak, 'n voortdurende graanoffer aan יהוה, deur 'n ewige instelling.
- 15 So moet hulle die lam, die graanoffer en die olie oggend na oggend voorsien as 'n voortdurende brandoffer."
- 16 So sê יהוה-God: "As die prins aan een van sy seuns 'n geskenk gee uit sy erfenis, dan behoort dit aan sy seuns: dit is hulle besitting deur erfenis,
- 17 maar as hy van sy erfenis 'n geskenk aan een van sy diensknegte gee, dan sal dit syne wees tot by die jaar van vryheid; dan moet dit na die prins toe teruggaan. Sy erfenis sal net sy seuns s'n wees; dit sal aan hulle behoort.
- 18 Die prins mag nie van die erfenis van die volk vat en hulle uitgooi uit hul besitting nie; hy moet aan sy seuns erfenis gee vanuit sy eie besitting sodat My volk nie verstrooi word, enige een uit sy besitting nie."'''
- 19 Toe het hy my deur die ingang wat langs die poort was gebring, in die afgesonderde kamers vir die priesters, wat na die noorde kyk en let op, daar was 'n plek aan die verste agterkant, na die weste toe.
- 20 Hy het vir my gesê: "Dit is die plek waar die priesters die oortredingsoffer en die sondoffer moet kook en waar hulle die graanoffer moet bak sodat hulle dit nie uitbring in die buitenste hof om afgesonderdheid aan die volk oor te dra nie."
- 21 Toe het hy my uitbring in die buitenste hof en my gelei na die vier hoeke van die hof en let op, in elke hoek van die hof was daar 'n klein hof.
- 22 In die vier hoeke van die hof was daar omringde howe, veertig el lank en dertig breed; hierdie vier in die hoeke was dieselfde grootte.
- 23 Daar was 'n ry met steenwerk reg rondom in hulle, om al vier en daar is kookplekke gemaak onderaan die rye reg rondom.
- 24 Toe sê hy vir my: "Hierdie is die kookplekke waar die bedienaars van die huis die offers van die mense moet kook."
- 47** 1 Toe het hy my teruggebring na die deur van die huis en let op, water het van onder die drumpel van die huis, na die ooste toe, gevloei en die water het afgevloei van onder, van die regterkant van die huis af, vanaf suid van die altaar.
- 2 Hy het my uitbring deur die Noordpoort en my aan die buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk en let op, water het gesyfer vanaf die suidekant.

- 3 Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetlyn in sy hand, het hy 'n duisend el gemeet en hy het my deur die water gelei en dit was enkel diep.
- 4 Weer het hy 'n duisend gemeet en my deur die water gelei en dit was op tot by die knieë. Weer het hy 'n duisend gemeet en my deur gelei en dit was op tot by die heupe.
- 5 Weer het hy 'n duisend gemeet en dit was 'n stroom wat niemand kon deurgaen nie, want die water het so hoog gerys en die stroom so sterk geword dat niemand kon deurgaen nie.
- 6 Hy het vir my gesê: "Seun van 'n mens, het jy dit gesien?" Toe het hy my teruggebring na die wal van die rivier toe.
- 7 Nadat ek teruggegaan het, let op, was daar baie bome op die walle van die rivier, aan die een kant en aan die ander.
- 8 Toe het hy vir my gesê: "Hierdie waters wat uitgaan in die rigting van die oostelike streek en afvloeï na die Vlakte (Aravah), sal in die see invloei en meng met die stagnante water en dit vars maak.
- 9 Dit sal gebeur dat al die lewende wesens wat wemel in elke plek waar die rivier kom, sal lewe en daar sal vreeslik baie visse wees omdat hierdie water daarheen gaan en dié vars word; so sal alles lewe waar die rivier gaan. ^{Iyov 14:8,9}
- 10 Dit sal gebeur dat vissers langs dit sal staan; vanaf 'Ein-Gedi tot by 'Ein-'Eglayim sal daar 'n plek wees vir die uitsprei van nette. Hulle visse sal volgens hulle spesies wees, soos die visse van die Groot See, vreeslik baie,
- 11 maar sy moerasse en vleie sal nie vars word nie: hulle sal vir sout gelos word.
- 12 By die rivier, op sy walle, aan die een kant en aan die ander, sal allerhande bome groei vir kos. Hulle blare sal nie verdor en die vrugte nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want hulle water vloei vanaf die Afgesonderde Plek en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare vir genesing." ^{Num 24:6,7; Yes 27:12; Yir 17:7,8; Ps 1:3; 144:12; Ope 22:2}
- 13 So sê יהוה-God: "Hierdie sal die grense wees waardeur julle die land sal verdeel as erfenis tussen die twaalf stamme van Yisra'el; Yosef moet twee porsies kry.
- 14 Julle moet dit verdeel as 'n erfenis, elkeen gelyk met die ander, want Ek het gesweer om dit vir julle voorvaders te gee en hierdie land moet julle as erfenis toeval.
- 15 Hierdie moet die grens van die land wees: aan die noordekant vanaf die Groot See, met die pad na Hetlon, tot by die ingang van Tz'dad;
- 16 Hamat, Berotah, Sibrayim, wat tussen die grens van Dammesek en die grens van Hamat lê, Hatzar-Hatokhon, wat by die grens van Havran is.
- 17 Die grens moet vanaf die see wees tot by Hatzar-'Einon, by die grens van Dammesek en aan die noorde noordwaarts is Hamat die grens; dit is die noordekant.
- 18 Aan die oostekant: vanaf tussen Havran, Dammesek, Gil'ad en die land van Yisra'el sal die Yarden wees; vanaf die noordelike grens tot by die oostelike see moet julle dit meet. Dit is die oostekant.
- 19 Die suidekant na die suide toe sal strek vanaf Tamar tot by die waters van M'rivot-Kadesh, na die spruit van Mitzrayim tot by die Groot see. Hierdie is die suidekant na die suide toe.
- 20 Die westekant sal die Groot see wees, vanaf die suidelike grens tot by 'n punt oorkant die ingang van Hamat. Dit is die westekant.

- 21 Julle moet hierdie land tussen julle verdeel volgens die stamme van Yisra'el.
 22 Julle moet dit deur die lot verdeel as 'n erfenis tussen julleself en die vreemdelinge wat in julle midde bly, wat seuns voortbring tussen julle en hulle sal vir julle wees soos 'n kind van die land tussen die seuns van Yisra'el; hulle moet 'n erfenis toegestaan word saam met jou onder die stamme van Yisra'el.
 23 In die stam waarin die vreemdeling bly, daar moet julle hom sy erfenis gee," verklaar יהוה-God.

- 48** ¹ "Hierdie is die name van die stamme: vanaf die verste noord, langs die pad van Hetlon na die ingang van Hamat, tot by Hatzar-`Einan, op die grens van Dammesek, na die noorde toe langs Hamat, van oos tot wes: Dan, een deel;
 2 langs die grens van Dan, vanaf die oostekant tot by die westekant: Asher, een deel;
 3 langs die grens van Asher, vanaf die oostekant tot by die westekant: Naftali, een deel;
 4 langs die grens van Naftali, vanaf die oostekant tot by die westekant: Manasheh, een deel;
 5 langs die grens van Manasheh, vanaf die oostekant tot by die westekant: Efrayim, een deel;
 6 langs die grens van Efrayim, vanaf die oostekant tot by die westekant: Re'uven, een deel;
 7 langs die grens van Re'uven, vanaf die oostekant tot by die westekant: Y'hudah, een deel;
 8 langs die grens van Y'hudah, vanaf die oostekant tot by die westekant, moet die toedeling wees wat julle moet afsonder: vyf en twintig duisend el breed en net so lank soos een van die dele, vanaf die oostekant tot by die westekant en die Afgesonderde Plek moet in die middel daarvan wees.
 9 Die toedeling wat julle tot יהוה moet afsonder, moet vyf en twintig duisend el lank wees en tien duisend breed.
 10 Die afgesonderde toedeling sal wees vir die priesters: teen die noorde vyf en twintig duisend el in lengte, teen die weste tien duisend in breedte, teen die ooste tien duisend in breedte en teen die suide vyf en twintig duisend in lengte en die Afgesonderde Plek van יהוה moet in die middel daarvan wees.
 11 Dit moet vir die priesters wat afgesonder is, die seuns van Tzadok, ^{1 Kro 29:22} wees, wat My bevel onderhou het, wat nie afgedwaal het toe die seuns van Yisra'el afgedwaal het saam met die Leviete nie.
 12 Dit moet 'n toedeling aan hulle wees vanuit die toedeling van die land, 'n mees afgesonderde plek, by die grens van die Leviete.
 13 Langs die grens van die priesters moet die Leviete vyf en twintig duisend el in lengte en tien duisend in breedte kry. Die hele lengte moet vyf en twintig duisend wees en die breedte tien duisend.
 14 Meer nog, hulle mag niks daarvan verkoop of verruil nie, of hierdie beste van die land vervreem nie, want dit is afgesonderd tot יהוה.
 15 Die wat oorbly, vyf duisend in die breedte en vyf en twintig duisend in die lengte, sal wees vir algemene gebruik van die stad, vir blyplek en oop spasies en die stad moet in die middel daarvan wees.

- 16 Hierdie is sy afmetings: die noordekant, vier duisend vyf honderd el; die suidekant, vier duisend vyf honderd el; die oostekant, vier duisend vyf honderd el en die westekant, vier duisend vyf honderd el.
- 17 Die stad moet oop areas hê: teen die noorde, twee honderd en vyftig el; teen die suide, twee honderd en vyftig el; teen die ooste, twee honderd en vyftig el en teen die weste, twee honderd en vyftig el.
- 18 Die orige lengte, langs die afgesonderde toedeling moet tien duisend el teen die ooste en tien duisend teen die weste wees; dit moet langs die afgesonderde toedeling wees. Sy opbrengs sal kos wees vir die werkers van die stad.
- 19 Die werkers van die stad, vanuit al die stamme van Yisra'el, moet dit bewerk.
- 20 Die volledige toedeling moet vyf en twintig duisend el by vyf en twintig duisend el wees; jy moet die afgesonderde toedeling afsonder, 'n vierkant, saam met die eiendom van die stad.
- 21 Dit wat oorbly sal vir die prins wees, aan weerskante van die afgesonderde toedeling en van die eiendom van die stad; voor die vyf en twintig duisend el van die toedeling na die oostelike grens en weswaarts voor die vyf en twintig duisend el na die westelike grens, langs die gedeeltes, sal vir die prins wees. Die afgesonderde toedeling en die Afgesonderde Plek van die huis moet in die middel daarvan wees.
- 22 Uitsluitend die eiendom van die Leviëte en die eiendom van die stad, wat in die middel lê van dit wat aan die prins behoort, tussen die grens van Y'hudah en die grens van Binyamin, moet alles aan die prins behoort.
- 23 Vir die res van die stamme: vanaf die oostekant tot by die westekant: Binyamin, een deel;
- 24 langs die grens van Binyamin, vanaf die oostekant tot by die westekant: Shim'on, een deel;
- 25 langs die grens van Shim'on, vanaf die oostekant tot by die westekant: Yissakhar, een deel;
- 26 langs die grens van Yissakhar, vanaf die oostekant tot by die westekant: Z'vulun, een deel;
- 27 langs die grens van Z'vulun, vanaf die oostekant tot by die westekant: Gad, een deel;
- 28 langs die grens van Gad, aan die suidekant na die suide toe, moet die grens wees vanaf Tamar na die waters van M'rivat-Kadesh, na die spruit van Mitzrayim tot by die Groot see.
- 29 Hierdie is die land wat julle as erfenis moet verdeel tussen die stamme van Yisra'el en dit is hulle gedeeltes,” verklaar יהוה-God.
- 30 “Hierdie is die uitgange van die stad: aan die noordekant, vier duisend vyf honderd el uitgemeet,
- 31 sal die poorte van die stad wees, genoem volgens die name van die stamme van Yisra'el; drie poorte aan die noorde: die poort van Re'uven, een; die poort van Y'hudah, een; die poort van Levi, een. ^{Open 21:12,13}
- 32 Aan die oostekant, vier duisend vyf honderd el, sal drie poorte wees: die poort van Yosef, een; die poort van Binyamin, een; die poort van Dan, een.

33 Aan die suidekant, vier duisend vyf honderd el afgemeet, sal drie poorte wees: die poort van Shim'on, een; die poort van Yissakhar, een; die poort van Z'vulun, een.

34 Aan die westekant, vier duisend vyf honderd el, sal drie poorte wees: die poort van Gad, een; die poort van Asher, een; die poort van Naftali, een.

35 Agttien duisend el reg rondom en die naam van die stad sal van dié dag af wees: 'יְהוָה שָׁמָּה' is daar' (Yahuah Shamah!).” Yir 33:16; Z'kh 8:3; Ps 139:8-10

Die vyftiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die tiende boek van die Profete

Die vierde boek van die Latere Profete

Die eerste van die twaalf

Hoshea

(Hoséa)

הושע - Bevryder / redder

Die boek is in die 700's voor Yeshua deur die profeet Hoshea (Hos 1:1), oor 'n lang tydperk, in die Koninkryk van Yisra'el geskryf.

- 1 Die woord van יהוה wat gekom het tot Hoshea, die seun van Be'eri, gedurende die dae van 'Uziah, Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah en in die dae van Yarov'am, die seun van Y'ho'ash, koning van Yisra'el.
- 2 Die eerste keer dat יהוה deur Hoshea gepraat het, het יהוה vir Hoshea gesê: "Gaan, vat vir jouself 'n vrou vanuit hoerery en kry kinders vanuit hoerery, want die land het blatante hoerery gepleeg, deur יהוה in die steek te laat."
- 3 Hy het gegaan en Gomer, die dogter van Divlayim, gevat en sy het swanger geword en vir hom geboorte gegee aan 'n seun.
- 4 יהוה het vir hom gesê: "Noem hom Yizre'el, want binne 'n kort rukkie sal Ek die huis van Yehu straf vir die bloedvergieting van Yizre'el ^{2 Kon 10; 2 Kron 22:8,9} en Ek sal 'n einde maak aan die koninkryk van die huis van Yisra'el. ^{2 Kon 17}
- 5 Op daardie dag sal Ek die boog van Yisra'el verbreek in die vallei van Yizre'el."
- 6 Toe het sy weer swanger geword en geboorte gegee aan 'n dogter en יהוה het vir hom gesê: "Noem haar Lo-Rugamah, want Ek sal nie langer liefdevol omgee vir die huis van Yisra'el dat Ek hulle ooit sal vergewe nie,
- 7 maar Ek sal liefdevol omgee vir die huis van Y'hudah en hulle bevry deur יהוה, hulle God en hulle nie bevry deur boog, swaard, oorlog, perde of ruiters nie."
- 8 Nadat sy Lo-Rugamah gespeen het, het sy weer swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun.
- 9 יהוה het gesê: "Noem hom Lo-'Ammi, want julle is nie My volk nie en Ek is nie julle God nie."
- 2 Nogtans sal die getal van die seuns van Yisra'el soos die sand van die see wees, wat nie gemeet en nie getel kan word nie en in die plek waar vir hulle gesê word: "Julle is nie My volk nie," sal dit vir hulle gesê word: "Seuns van die lewende God." ^{Deut 28:11; Rom 9:26}
- 2 Die seuns van Y'hudah en die seuns van Yisra'el sal saam bymekaargemaak word en hulle sal vir hulleself een leier aanstel en opgaan vanuit die land, want groot sal die dag van Yizre'el wees! ^{Yeg 37:22}
- 3 Sê vir julle broers: "'Ammi (My volk)," en vir julle susters: "Rugamah (Jammer gekry)."
- 4 Twis met julle moeder, twis, want sy is nie My vrou nie en Ek is nie haar Man nie en laat sy haar hoerery van haar gesig verwyder en haar owerspel van tussen haar borste af,
- 5 anders sal Ek haar kaal afstroop en haar blootstel soos op die dag van haar geboorte. Ek sal haar ook maak soos 'n wildernis, soos 'n woestyn en haar van dors laat sterf.
- 6 Ek sal ook geen liefdevolle omgee vir haar kinders hê nie, want hulle is kinders van hoerery,
- 7 want hulle moeder het die hoer gespeel; sy wat met hulle bevrug was, het skandelik opgetree, want sy het gesê: 'Ek sal agter my minnaars aangaan, wat vir my brood en my water gee; my wol en my vlas, my olie en my drank; ^{Yeg 16:19}
- 8 daarom, let op, Ek sal haar pad met dorings toemaak en 'n muur teen haar bou sodat sy nie haar pad kan vind nie.

- 9 Sy sal agter haar minnaars aanloop, maar hulle nie inhaal nie en sy sal hulle soek, maar hulle nie vind nie, dan sal sy sê: 'Ek sal na my eerste man toe teruggaan, want dit was toe vir my beter as nou,' ^{Deut 24:1-4}
- 10 want sy weet nie dat dit Ek is wat aan haar die koring, die mos en die olie gegee het en haar oorlaai het met silwer en goud, wat hulle vir Ba'al gebruik het, nie;
- 11 daarom sal Ek My koring terugvat met oestyd en My nuwe wyn in sy seisoen. Ek sal ook My wol en My vlas wegvat wat haar naaktheid bedek,
- 12 dan sal Ek haar onsedelikheid ontbloot voor die oë van haar minnaars en niemand sal haar uit My hand red nie.
- 13 Ek sal ook 'n einde maak aan al haar vrolikheid, haar feeste, haar Nuwemane, haar Shabbatte en al haar feestelike byeenkomste.
- 14 Ek sal haar wingerde en haar vyebome vernietig, waarvan sy gesê het: 'Hierdie is my loon wat my minnaars my gegee het' en Ek sal dit tot 'n woud maak en die wilde diere van die veld sal dit opeet.
- 15 Ek sal haar straf vir die dae van die Ba'als, toe sy offers aan hulle geoffer het en haar met haar oorringe en juweliersware versier en agter haar minnaars aangeloop het sodat sy My vergeet het," verklaar יהוה.
- 16 "Let daarom op, Ek sal haar lok, haar in die woestyn inbring en sagkens met haar praat,
- 17 dan sal Ek haar wingerde daarvandaan gee en die vallei van Akhor as 'n deur van versekerde verwagting en sy sal daar sing soos in die dae van haar jeug, soos op die dag toe sy uit die land van Mitzrayim opgekom het.
- 18 In daardie dag sal dit wees," verklaar יהוה, "dat jy My, Ishi (my Man), sal noem, en My nie langer Ba'ali, (my Meester), noem nie,
- 19 want Ek sal die name van die Ba'als uit haar mond verwyder sodat hulle nie meer by hul naam genoem sal word nie.
- 20 Op daardie dag sal Ek ook vir hulle 'n verbond met die wilde diere van die veld, met die voëls van die hemel en die kruipende diere van die aarde maak en Ek sal die boog, swaard en oorlog ophef uit die land en hulle in veiligheid laat neerlê.
- 21 Ek sal jou vir ewig aan My verloof; ja, Ek sal jou aan My verloof in onpartydige opregtheid en in regverdige oordeel, in liefdevolle goedheid en in omgee
- 22 en Ek sal jou aan My verloof in vertrouenswaardigheid; dan sal jy יהוה ken.
- 23 Dit sal wees in daardie dag dat Ek sal antwoord," verklaar יהוה. "Ek sal die hemele antwoord en hulle sal die aarde antwoord.
- 24 Die aarde sal antwoord op die koring, die nuwe wyn en die olie en hulle sal Yizre'el antwoord.
- 25 Ek sal haar vir Myself in die land saai. Ek sal ook liefdevolle omgee gee aan haar wat nie liefdevolle omgee ontvang het nie en aan die wat nie My volk is nie, sê: 'Jy is My volk' en hulle sal sê: 'My God!' ^{1 Kef 2:10; Rom 9:25}
- 3** 1 Toe het יהוה vir my gesê: "Gaan weer, wees lief vir 'n vrou waarvoor haar man lief is, maar nogtans 'n egbreekster is, net soos יהוה die seuns van Yisra'el lief het, alhoewel hulle na ander gode toe draai en lief is vir rosynekoeke."
- 2 Ek het haar vir myself gekoop vir vyftien sikkels silwer en 'n anderhalf homer gars.

- 3 Toe het ek vir haar gesê: “Jy moet by my bly vir baie dae. Jy mag nie hoereer nie en ook nie ’n man hê nie; so sal ek ook teenoor jou wees,”
- 4 want die seuns van Yisra’el sal vir ’n lang tyd bly sonder koning of prins, sonder offers of pilare en sonder efod of huishoudelike afgode.
- 5 Daarna sal die seuns van Yisra’el terugkom en יהוה, hulle God en Dawid, hulle Koning, ^{Yeg 37:24-; Yeg 45:16,17; Dan 10:5-21} soek en hulle sal in die laaste dae bewend na יהוה en Sy goedheid toe kom.
- 4 1 Luister na en gehoorsaam die boodskap van יהוה, o seuns van Yisra’el, want יהוה het ’n regsak teen die inwoners van die land omdat daar geen getrouheid of sagte omgee of kennis van God in die land is nie.
- 2 Daar is vloeke, misleiding, moord, diefstal en owerspel. Hulle beoefen geweld sodat bloedvergieting volg op bloedvergieting;
- 3 daarom treur die land en alles wat daarop woon, kwyn weg saam met die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel en ook die visse van die see verdwyn.
- 4 Tog, laat niemand fout vind of berisping aanbied nie, want jou volk is soos hulle wat met die priester twis!
- 5 Jy sal struikel bedags en die profeet sal ook saam met jou struikel in die nag en Ek sal jou moeder vernietig. ^{Yes 9:16}
- 6 My volk word vernietig weens gebrek aan kennis. Omdat jy kennis verwerp het, sal Ek jou ook as My priester verwerp. Aangesien jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.
- 7 Hoe meer hulle vermenigvuldig het, hoe meer het hulle teen My gesondig. Ek sal hulle lof en eer in skande verander.
- 8 Priesters floreer op die sonde van My volk en rig hulle begeerte na hulle onregverdigheid.
- 9 Dit sal wees, soos volk, so is priester; so sal Ek hulle straf vir hulle lewenswyse en hom vergeld vir sy dade.
- 10 Hulle sal eet, maar nie genoeg hê nie; hulle sal hoereer, maar nie vermeerder nie, want hulle het opgehou om na יהוה te luister.
- 11 Hoerery, wyn en nuwe wyn vat die begrip weg. ^{Lev 10:9}
- 12 My volk raadpleeg hulle eie verbeelding en hulle staf gee vir hulle aanwysings, want ’n gees van hoerery het hulle verlei en hulle het weggedraai van hul God af.
- 13 Hulle offer offers op die toppe van die berge en brand wierook op die heuwels, onder die eike, populiere en terpentynbome omdat hulle skaduwee aangenaam is; so pleeg julle dogters hoerery en julle bruide pleeg owerspel.
- 14 Ek sal julle dogters nie straf wanneer hulle hoereer nie, of julle bruide wanneer hulle owerspel pleeg nie, want die manne self gaan eenkant toe met hoere en offer offers met die tempelprostitute. So word die volk wat sonder begrip is, verwoes.
- 15 Alhoewel jy, Yisra’el hoereer, moenie dat Y’hudah skuldig word nie! Moet ook nie na Gilgal gaan nie, of opgaan na Beit-Aven en die eed neem: “So waar as יהוה leef,” nie.
- 16 Aangesien Yisra’el hardkoppig is soos ’n hardkoppige verskalf, kan יהוה hulle nou laat wei soos ’n lam in ’n groot veld?

17 Efrayim is verbind aan afgode: laat hom alleen!

18 Hulle hoereer almal aanhoudend en hulle het 'n diep liefde vir skande en afgodery.

19 Laat die wind hulle klere afskeur; laat hulle skaam wees oor hulle altare.

5 1 Hoor hierdie, o priesters! Let op, o huis van Yisra'el! Luister, o huis van die koning, want die oordeel is op julle van toepassing omdat julle 'n vangstrik by Mitzpah was en 'n vangnet, wat uitgesprei was oor Tavor.

2 Die opstandiges het diep in boosheid weggeval, maar Ek sal hulle almal tugtig.

3 Ek ken Efrayim en Yisra'el is nie vir My weggesteek nie, want nou het jy gehoereer, o Efrayim, Yisra'el het homself onrein gemaak.

4 Hulle dade sal hulle nie toelaat om na hulle God terug te keer nie, want daar is 'n gees van hoerery in hulle en hulle het nie 'n verbondsverhouding met יהוה nie.

5 Meer nog, die trots van Yisra'el getuig teen hom en Yisra'el en Efrayim struikel in hulle onregverdigheid; Y'hudah het ook saam met hulle gestruikel.

6 Hulle sal met hulle kleinvee en hulle beeste gaan om na יהוה te soek, maar hulle sal Hom nie vind nie; Hy het van hulle af onttrek.

7 Hulle het verraderlik gehandel teen יהוה, want hulle het geboorte gegee aan buite-egtelike kinders. Nou sal die Nuwemaan hulle saam met hul land verteer.

8 Blaas die ramshoring in Giv'ah, die trompet in Ramah! Laat hoor die alarm by Beit-Aven: "Agter jou, Binyamin!"

9 Efrayim sal 'n verlatenheid onder die stamme van Yisra'el word op die dag van bestraffing; verklaar Ek wat seker is.

10 Die prinse van Y'hudah het geword soos hulle wat 'n grenslyn skuif. ^{Deut 27:17} Ek sal My toorn oor hulle uitgiet soos water.

11 Efrayim is onderdruk, stukkend gebreek deur oordeel, want hy was vasbeslote om mense se opdragte uit te voer;

12 daarom is Ek vir Efrayim soos 'n mot en vir die huis van Y'hudah soos 'n verrotting.

13 Toe Efrayim sy siekte sien en Y'hudah sy wond, het Efrayim na Ashur gegaan en gestuur na koning Yarev, maar hy is nie in staat om julle te genees of julle van julle wond gesond te maak nie,

14 want Ek is soos 'n leeu vir Efrayim en soos 'n jong leeu vir die huis van Y'hudah. Ek, Ek sal verskeur en weggaan, Ek sal wegdra en daar sal niemand wees om te bevry nie.

15 Ek sal weggaan, terugkeer na My plek toe totdat hulle hul skuld erken en My Teenwoordigheid soek. In hulle pyniging sal hulle My ernstig soek.

6 1 "Kom en laat ons terugkeer tot יהוה, want Hy het ons verskeur, maar Hy sal ons genees, Hy het ons gewond, maar Hy sal verbind.

2 Hy sal ons ná twee dae lewend maak; Hy sal ons op die derde dag laat opstaan sodat ons voor Hom kan lewe.

3 Dan sal ons weet om met יהוה 'n verbondsverhouding te hê; dat Hy weggaan is so seker soos die dagbreek en Hy sal na ons toe kom soos die reën, soos die lentereëns wat die aarde natmaak."

- 4 Wat sal Ek met jou doen, o Efrayim? Wat sal Ek met jou doen, o Y'hudah? Want julle lojaliteit is soos 'n oggendwolk en soos die dou wat vroeg weggaan;
- 5 daarom het Ek die profete afgesny; Ek het hulle neergeslaan deur die woorde van My mond en My regverdige oordele sal uitgaan soos die lig,
- 6 want Ek verheug My in lojaliteit eerder as in offers en in die kennis van God eerder as in brandoffers, Ps 40:7; Ps 51:18-21; 1 Sh'm 15:22; Mat 9:13; Mat 12:7
- 7 maar soos Adam het hulle die verbond oortree; daar het hulle verraderlik teen My opgetree.
- 8 Gil'ad is 'n stad van boosdoeners, vol bloedspore.
- 9 Soos rowers wag vir 'n man, so pleeg 'n priesterbende moord op die pad na Sh'khem; sekerlik het hulle misdaad gepleeg.
- 10 In die huis van Yisra'el het Ek 'n verskriklike ding gesien: Efrayim se hoerery is daar, Yisra'el het homself onrein gemaak.
- 11 Ook vir jou, o Y'hudah, is daar 'n oes vasgestel, wanneer Ek die voorspoed van My volk herstel.
- 7** 1 Wanneer Ek Yisra'el sou genees, word die onregverdigheid van Efrayim openbaar en die bose dade van Shomron, want hulle tree vals op en die dief breek in en rowers plunder buitekant
- 2 en hulle oorweeg dit nie in hulle verstand dat Ek al hulle boosheid onthou nie. Nou is hulle dade reg rondom hulle; dit is voor My Teenwoordigheid.
- 3 Met hulle boosheid verbly hulle die koning en met hulle leuens die vorste.
- 4 Hulle pleeg almal owerspel; soos 'n oond wat opgewarm is deur die bakker, wat ophou om die vuur te stook vandat die deeg geknie word totdat dit deursuur is.
- 5 Op die dag toe hulle raad begin gee het, het die prinse besoedeld geraak met die hitte van die wyn; hulle steek hul hande uit saam met die spotters.
- 6 Hulle verstand, wil en emosie is warm, soos 'n oond, met hul sameswerings; hulle woede word die hele nag lank onderdruk, in die oggend brand dit soos 'n vlammeende vuur.
- 7 Hulle almal is so warm soos 'n oond en hulle verteer hul regeerders; al hulle konings het geval; nie een van hulle roep na My toe uit nie.
- 8 Efrayim vermeng homself met die nasies; Efrayim het 'n koek geword wat nie omgekeer is nie.
- 9 Vreemdelinge verteer sy krag, tog weet hy dit nie; grys hare word oor hom uitgestrooi, tog weet hy dit nie.
- 10 Alhoewel die trotsheid van Yisra'el teen hom getuig, tog het hulle nie teruggedraai tot יהוה, hulle God, nie en hulle het Hom ook nie gesoek te midde van dit alles nie.
- 11 So het Efrayim geword soos 'n eenvoudige duif sonder verstand; hulle roep na Mitzrayim, hulle gaan na Ashur.
- 12 Wanneer hulle gaan, sal Ek My net oor hulle uitsprei; soos die voëls van die hemel bring Ek hulle af; Ek sal hulle tugtig volgens die getuienis wat teen hulle gehoor word.

- 13 Wee hulle omdat hulle van My af weggedwaal het! Verwoesting behoort aan hulle omdat hulle teen My rebelleer het! Ek wou hulle loskoop, maar hulle praat leuens teen My.
- 14 Hulle roep ook nie uit na My vanuit hulle binneste wanneer hulle op hul beddens huil nie; ter wille van koring en nuwe wyn kom hulle bymekaar; hulle draai weg van My af.
- 15 Alhoewel Ek hulle arms geoefen en versterk het, het hulle boosheid teen My beraam.
- 16 Hulle draai, maar nie na bo nie; hulle is soos 'n bedrieglike boog; hulle prinse sal deur die swaard val weens die astrantheid van hulle tong. Dit sal hulle bespotting wees in die land van Mitzrayim.
- 8** 1 Laat jou mond soos 'n ramshoring word! Hy sal soos 'n arend afkom teen die huis van יהוה omdat hulle My verbond oortree en teen My wet rebelleer het.
- 2 Hulle roep uit na My: "My God, ons vanuit Yisra'el, ken U."
- 3 Yisra'el het die goeie verwerp; die vyand sal hom agtervolg!
- 4 Hulle het konings aangestel, maar nie deur My nie; hulle het prinse aangestel, maar sonder My wete. Met hulle silwer en goud het hulle vir hulself afgode gemaak dat hulle afgesny mag word.
- 5 Hulle is deur jou kalf afvallig gemaak, o Shomron: "My woede brand teen hulle!" Hoe lank sal dit wees voordat hulle onskuldig verklaar kan word?
- 6 Want die afgodsbeeld kom vanaf Yisra'el! 'n Skrynwerker het dit gemaak. Dit is nie God nie, maar jou kalf, o Shomron, wat gemaak is vir misleiding,
- 7 want hulle saai die wind en maai die warrelwind. Die staande graan het geen halms nie; dit lewer geen graan op nie. As dit iets sou oplewer, sou vreemdelinge dit verslind.
- 8 Yisra'el word ingesluk; hulle is nou onder die nasies soos 'n houer waarin niemand vreugde vind nie,
- 9 want hulle het opgegaan na Ashur, alleen soos 'n wilde-donkie; Efrayim het gehuurde minnaars.
- 10 Alhoewel hulle oorgegee sal word aan die nasies, sal Ek hulle bymekaarmaak en hulle sal 'n rukkie rus van die laste van die konings en die prinse.
- 11 Sedert Efrayim altare vir sonde vermenigvuldig het, het hulleself altare van sonde vir hom geword.
- 12 Alhoewel Ek vir hom tien duisend voorskrifte van My wet neergeskryf het, word hulle as 'n vreemde ding beskou.
- 13 Wat My offergawes betref, offer hulle die vleis en eet dit, maar יהוה het geen behae in hulle nie. Nou sal Hy hulle onregverdigheid onthou en hulle straf vir hulle sondes; hulle sal teruggaan na Mitzrayim
- 14 omdat Yisra'el sy Maker vergeet en paleise gebou het en Y'udah versterkte stede vermenigvuldig het, maar Ek sal 'n vuur op sy stede stuur sodat dit sy paleiswonings mag verteer. ^{2 Kon 25:9; Yir 52:13}

- 9¹ Moet jou nie verheug en spring van vreugde soos die nasies nie, o Yisra'el, want jy het gehoereer en jou God verlaat! Jy het op elke dorsvloer hoereloon liefgehad.
- 2 Dorsvloer en parskuip sal hulle nie bevredig nie en die nuwe wyn sal hulle in die steek laat.
- 3 Hulle sal nie in יְהוּדָה se land bly nie, maar Efrayim sal na Mitzrayim terugkeer en in Ashur sal hulle onrein kos eet.
- 4 Hulle sal nie drankoffers of wyn uitgiet vir יְהוָה nie, hulle offers sal Hom ook nie tevrede stel nie; hulle kos sal wees soos die brood van hulle wat treur; almal wat daarvan eet sal onrein wees, want die brood sal net vir hulself wees, dit sal nie in die huis van יְהוָה ingaan nie.
- 5 Wat sal julle dan doen op die aangestelde fees en op die dag van die fees van יְהוָה?
- 6 Want let op, hulle sal gaan weens verwoesting; Mitzrayim sal hulle bymekaarmaak, Memphis sal hulle begrawe. Onkruid sal hulle skatte van silwer oorneem; doringe sal in hulle tente wees.
- 7 Die dae van straf het gekom, die dae van vergelding het gekom; laat Yisra'el dit weet! Die profeet is 'n dwaas, die geïnspireerde man is kranksinnig, as gevolg van die grootheid van jou onregverdigheid en omdat jou vyandskap groot is.
- 8 Die wagter van Efrayim was by my God, maar die profeet is 'n valstrik en 'n struikelblok in al sy optredes; daar is roekeloosheid in die huis van God.
- 9 Hulle het diep in boosheid afgegaan soos in die dae van Giv'ah; Hy sal hulle onregverdigheid onthou, Hy sal hulle sondes straf.
- 10 Ek het Yisra'el gevind soos druiwe in die wildernis; Ek het julle voorvaders gesien soos die vroegste vrugte aan die vyeboom in sy eerste seisoen, maar hulle het na Ba'al-P'or gekom en hulle toegewy aan skande en hulle het so verwerplik geword soos dit wat hulle lief het. Num 25:3; Ps 115:4; Ps 135:18
- 11 Wat Efrayim betref, hulle lof en eer sal wegvlieg soos 'n voël: geen bevrugting, geen verwagting en geen geboorte nie!
- 12 Alhoewel hulle hul kinders grootmaak, nogtans sal Ek hulle beroof totdat daar nie 'n mens oor is nie. Ja, wee hulle inderdaad wanneer Ek van hulle af weggaan.
- 13 Efrayim, soos Ek gesien het, is geplant in 'n aangename grasland soos Tzor, maar Efrayim sal sy seuns uitbring na die slagting.
- 14 Gee hulle, o יְהוָה; wat sal U gee? Gee hulle 'n miskramende moederskoot en droë borste.
- 15 Al hulle boosheid is by Gilgal; inderdaad het Ek hulle daar begin haat; weens die boosheid van hulle dade sal Ek hulle uit My huis uitdryf. Ek sal hulle nie meer liefhê nie. Al hulle prinse is rebelle.
- 16 Efrayim is getref, hulle wortel is opgedroog, hulle sal geen vrugte dra nie. Selfs al het hulle kinders, sal Ek die kosbares van hulle skoot neerslaan.
- 17 My God sal hulle weggooi omdat hulle nie na Hom geluister en gedoen het nie en hulle sal swerwers onder die nasies wees. Gen 4:16

- 10** ¹ Yisra'el is 'n weelderige wynstok; hy produseer vrugte vir homself. Hoe meer vrug hy gedra het, hoe meer altare het hy gebou; hoe ryker sy lande, hoe beter het hy die pilare gemaak.
- 2 Hulle verstand wil en emosie is vertroueloos; nou moet hulle hul skuld dra; יהוה sal hulle altare afbreek en hulle pilare vernietig.
- 3 Nou sal hulle sekerlik sê: “Ons het geen koning nie, want ons het nie respekvolle vrees vir יהוה nie. Die koning, wat kan hy vir ons doen?”
- 4 Hulle praat woorde wat aan vals altare behoort; hulle het die verbond verbreek en die prys betaal. Hulle is soos vore in 'n droë land.
- 5 Die inwoners van Shomron sal vrees oor die kalf van Beit-Aven; inderdaad sal sy mense oor hom treur en sy afgodspriesters oor hom in die rondte swaai, oor sy eer, lof en aanbidding omdat dit hom verlaat het.
- 6 Die ding sal self ook na Ashur weggedra word as 'n geskenk aan koning Yarev; Efrayim sal met skaamte gegryp word en Yisra'el sal beskaamd staan oor sy eie raad.
- 7 Shomron sal afgesny word saam met sy koning soos skuim op die oppervlak van die water.
- 8 Ook die hoë plekke van die afgod van Aven (boosheid), Yisra'el se sonde, sal vernietig word; dorings en distels sal op hulle altare groei; dan sal hulle vir die berge sê: “Bedek ons!” en vir die heuwels: “Val op ons!” ^{Luk 23:30}
- 9 Sedert die dae van Giv'ah het jy gesondig, o Yisra'el! Daar staan hulle! Sal die geveg teen die seuns van onregverdigheid hulle nie oorval in Giv'ah nie?
- 10 Wanneer dit My begeerte is, sal Ek hulle tugtig en die volke sal teen hulle versamel word, wanneer hulle gebind word vir hulle dubbele skuld.
- 11 Efrayim is 'n geleerde jong koei wat lief is om te dors, maar Ek sal oor haar mooi nek gaan met 'n juk; Ek sal Efrayim inspan, Y'hudah sal ploeg, Ya'akov sal vir homself eg.
- 12 Saai met die oog op onpartydige opregtheid, maai volgens sagte omgee; breek julle braakland op, want dit is tyd om יהוה te soek totdat Hy kom om onpartydige opregtheid oor julle te laat reën.
- 13 Julle het boosheid ingeploeg, julle het onregverdige oordeel gemaai. Julle het die vrug van leuens geëet. Omdat jy op jou metode vertrou het, op jou menigte soldate,
- 14 sal daar daarom 'n opstand onder jou mense ontstaan en al jou vestings sal vernietig word net soos Shalman'eser vir Beit-Arbel verwoes het op die dag van die geveg; toe moeders met hulle kinders verpletter is.
- 15 Net so sal dit met julle gedoen word by Beit-El as gevolg van julle groot boosheid. Met sonsopkoms sal die koning van Yisra'el volkome afgesny wees.
- 11** ¹ “Toe Yisra'el 'n jongman was, het Ek hom liefgehad en uit Mitzrayim het Ek My seun geroep. ^{Mat 2:15}
- 2 Net soos hulle geroep is, het hulle van My af weggegaan; hulle het aangehou om tot die Ba'als te offer en tot afgode wierook te brand.

- 3 Nogtans is dit Ek wat Efrayim leer loop het, Ek het hulle in My arms gevat, maar hulle het nie geweet dat Ek hulle genees het nie.
- 4 Ek het hulle met mensebande, met koorde van liefde gelei en Ek was vir hulle soos een wat die juk van hulle kakebeen af oplig en Ek het My neergebuig en hom gevoed.
- 5 Hulle sal nie na die land van Mitzrayim terugkeer nie, maar Ashur, hy sal hulle koning wees omdat hulle geweier het om terug te draai. ^{2 Kon 17:6}
- 6 Die swaard sal swaai teen hulle stede en sal hulle hekbalk vernietig en hulle verteer weens hulle planne.
- 7 My volk is geneig om van My af weg te draai. Alhoewel hulle sal roep tot God, soek hulle raad onder mekaar en sal niemand Hom oplig nie.
- 8 Hoe kan Ek jou opgee, o Efrayim? Hoe kan Ek jou oorgee, o Yisra'el? Hoe kan Ek jou maak soos Admah, jou behandel soos Tzvoyim? My verstand, wil en emosie is omgekeer in My, al My liefdevolle omgee is opgewek.
- 9 Ek sal nie My vreeslike toorn uitvoer nie; Ek sal Efrayim nie weer vernietig nie, want Ek is God en nie mens nie, die Afsesonderde Een in jou midde en Ek sal nie kom in toorn nie.
- 10 Hulle sal agter יהוה aan loop; Hy sal brul soos 'n leeu; inderdaad sal Hy brul en Sy seuns sal bewend van die weste af kom.
- 11 Hulle sal soos voëls bewend vanaf Mitzrayim kom en soos duiwe uit die land van Ashur en Ek sal hulle plaas in hulle huise," verklaar יהוה.
- 12** ¹ Efrayim het My omring met leuens en die huis van Yisra'el met misleiding; Y'hudah is ook bandeloos teen God, ^{2 Kon 23:26,27; 24:2; 'Am 2:4; Mal 2:11} teen die Afsesonderde Een wat getrou is.
- 2 Efrayim hou hom besig met wind en hy volg die oostewind voortdurend na; hy vermenigvuldig leuens en geweld. Meer nog, hy sluit 'n verbond met Ashur en olie word na Mitzrayim gedra.
- 3 יהוה het ook 'n twis met Y'hudah en sal Ya'akov straf volgens sy lewenswyse, hom terugbetaal volgens sy dade.
- 4 In die moederskoot het hy sy broer aan die hakskeen gevat en in sy volwassenheid het hy met God geveg. ^{Gen 25:26; 32:24-29}
- 5 Ja, hy het met die boodskapper geworstel en die oorhand gekry; hy het gehuil en Sy guns gesoek. Hy het Hom by Beit-El gevind en daar het Hy met ons gepraat,
- 6 יהוה, God van die leërmagte, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).
- 7 Keer daarom terug tot jou God, beoefen liefdevolle omgee en regverdige oordeel en wag voortdurend op jou God.
- 8 'n Handelaar, in wie se hand vals weegskale is, hy hou daarvan om te bedrieg.
- 9 Efrayim sê: "Ek het sekerlik ryk geword, ek het rykdom vir myself gevind; in al my arbeid sal hulle geen onregverdigheid in my vind, wat sonde sou wees nie." ^{Open 3:17}
- 10 Ek is egter יהוה, jou God, sedert die land van Mitzrayim af; Ek sal jou weer in tente laat woon soos in die dae van die aangestelde fees (Sukkot).
- 11 Ek het ook met die profete gepraat en Ek het baie visioene gegee en deur die profete het Ek vergelykende stories gegee.

12 Is daar boosheid in Gil'ad? Hulle is sekerlik waardeloos. In Gilgal offer hulle bulle; ja, hulle altare is soos kliphope langs die vore van die lande.

13 Ya'akov het gevlug na die land van Aram en Yisra'el het gewerk om 'n vrou te kry en vir 'n vrou het hy vee opgepas,

14 maar deur 'n profeet het יהוה Yisra'el uit Mitzrayim gebring en deur 'n profeet is hulle versorg.

15 Efrayim het bitter woede opgewek; so sal sy God sy skuld vir bloedvergiëting op hom los en sy smaad terugbring na hom toe.

13 1 Wanneer Efrayim gepraat het, was daar bewing; hy het homself opgelig in Yisra'el, maar deur Ba'al het hy verkeerd gedoen en gesterf

2 en nou sondig hulle meer en meer en maak vir hulleself gegote beelde, bekwaam gemaak van silwer, almal die werk van vakmanne. Hulle sê vir hulle: "Laat die man wat offer, die kalwers soen!"

3 Hulle sal daarom soos die oggendwolk wees en soos dou wat gou verdwyn, soos kaf wat weggewaai word vanaf die dorsvloer en soos rook uit 'n skoorsteen.

4 Tog was Ek, יהוה, sedert die land van Mitzrayim jou God en buiten My moes jy geen God geken het nie, want daar is geen redder buiten My nie.

5 Ek het vir jou gesorg in die wildernis, in die land van droogtes.

6 Soos hulle hul weiding gehad het, het hulle versadig geword en versadig, het hulle verstand, wil en emosie hoogmoedig geword; daarom het hulle My vergeet. ^{Deut 8:10-}

7 Ek sal vir hulle soos 'n leeu wees, soos 'n luiperd sal Ek langs die pad lê en wag.

8 Ek sal teen hulle kom soos 'n beer wat van haar kleintjies beroof is en Ek sal hulle borskaste oopbreek; daar sal Ek hulle ook verslind soos 'n leeuin, soos 'n wilde dier hulle sal verskeur.

9 Dit is tot jou vernietiging, o Yisra'el, dat jy teen My, jou Helper, is.

10 Waar is jou koning nou dat hy jou in al jou stede kan red en jou regters van wie jy gevra het: "Gee vir my 'n koning en prinse"?

11 Ek het vir jou 'n koning gegee in My woede en hom weggevat in My toorn.

12 Die onregverdigheid van Efrayim is opgebind; sy sonde opgestoor.

13 Die pyn van kindergeboorte kom oor hom; hy is nie 'n wyse seun nie, want dit is nie die tyd dat hy moet uitstel om as eersteling gebore te word nie.

14 Sal Ek hulle loskoop uit die krag van Sh'ol? Sal Ek hulle terugkoop uit die dood? Dood, waar is jou dorings? Sh'ol, waar is jou angel? ^{1 Kor 15:55; Open 1:18} Vertrouing is verborge vir My oë.

15 Alhoewel hy floreer tussen die riete sal 'n oostewind kom, die wind van יהוה, wat uit die wildernis opkom en sy fontein sal droog word en sy bron sal opgedroog wees. Dit sal sy skat van alle kosbare voorwerpe plunder.

14 1 Shomron sal skuldig gehou word, want sy het teen haar God rebelleer. Hulle sal val deur die swaard, hulle kinders sal in stukkie verpletter word en hulle verwagterende vroue sal oopgesny word.

2 Keer terug, o Yisra'el, na יהוה, jou God, want jy het gestruikël deur jou onregverdigheid.

- 3 Neem woorde saam met julle en keer terug na יהוה. Sê vir Hom: “Verwyder alle onregverdigheid en ontvang ons goedgeunstiglik sodat ons die vrug van ons lippe kan aanbied.
- 4 “Ashur kan ons nie red nie, ons sal nie op perde ry nie en ons sal ook nie meer sê: ‘Ons god,’ vir die werk van ons hande nie, want in U vind die weeskind onverdiende guns.”
- 5 Ek sal hulle afvalligheid genees, Ek sal hulle vrylik liefhê, want My woede het van hulle af weggedraai.
- 6 Ek sal vir Yisra’el wees soos die dou; hy sal bloei soos die lelie en hy sal wortelskiet soos die L’vanon.
- 7 Sy lote sal uitgroeï en sy prag sal wees soos die olyfboom en sy geur soos die L’vanon.
- 8 Die wat in Sy skaduwee leef, sal weer koring groei en hulle sal bloei soos die wingerdstok. Sy bekendheid sal wees soos die wyn van L’vanon.
- 9 O Efrayim, wat het Ek nog met afgode te doen? Dit is Ek wat antwoord en na jou kyk. Ek is soos ’n weelderige Sipres; van My af kom jou vrug.
- 10 Wie ook al wys is, laat hom hierdie dinge verstaan; wie ook al onderskeiding het, laat hom dit ken! Want die lewenswyse van יהוה is reg en die onpartydige en opregte sal daarin loop, maar die oortreders sal daarin struikel!

Die sestiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die elfde boek van die Profete

Die vyfde boek van die Latere Profete

Die tweede van die twaalf

Yo'el

(Joël)

יהוה - יואל is die Magtige God

Die boek is deur die profeet Yo'el (Yo' 1:1) geskryf, maar die tyd waarin dit geskryf is, is onseker.

- 1 1 Die boodskap van יְהוָה wat tot Yo'el, die seun van P'tu'el, gekom het.
- 2 Luister hierna, o oudstes en luister, al die inwoners van die land! Het so iets in julle dae of in die dae van julle vaders gebeur?
- 3 Vertel julle seuns daarvan en laat julle seuns dit aan hulle seuns vertel en hulle seuns aan die volgende geslag.
- 4 Wat die knaagsprinkaan laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvretersprinkaan verslind.
- 5 Word wakker, dronkaards en huil! Treur, al julle wyndrinkers, oor die soetwyn wat afgesny is van julle mond,
- 6 want 'n magtige en ontelbare nasie het my land ingeval; sy tande is die tande van 'n leeu en dit het die slagande van 'n leeuin. Deut 28:49,50
- 7 Dit het my wingerdstok verwoes en my vyeboom versplinter; dit het hulle skoon gestroop en weggegooi; hulle takke het wit geword.
- 8 Treur soos 'n maagd, omgord met 'n roukleed, oor die bruidegom van haar jeug.
- 9 Die graanoffer en die drankoffer is afgesny van die huis van יְהוָה. Die priesters, die bedienaars van יְהוָה, treur.
- 10 Die veld is verwoes, die land treur, want die graan is verwoes, die nuwe wyn droog op, nuwe olie faal.
- 11 Wees beskaamd, o landbouers; treur, o wynboere; oor die koring en oor die gars omdat die oes op die land vernietig is.
- 12 Die wingerdstok verdroog en die vyeboom faal; die granaat, asook die palm en die appelboom, al die bome van die land verdroog. Inderdaad, vreugdevolheid droog op vanuit die seuns van 'n mens.
- 13 Omgord julleself en weeklaag, o priesters; huil, o bedienaars van die altaar! Kom, oornag in rouklere, o bedienaars van my God, want die graanoffer en die drankoffer word teruggehou van die huis van julle God.
- 14 Sonder 'n vasdag af, roep 'n ernstige byeenkoms uit; versamel die oudstes, al die inwoners van die land, in die huis van יְהוָה, julle God en roep uit tot יְהוָה.
- 15 O, die dag, want die dag van יְהוָה is naby en dit sal kom as 'n vernietiging vanaf die Almagtige.
- 16 Is kos nie voor ons oë afgesny nie; blydschap en vreugde vanuit die huis van ons God?
- 17 Die saad krimp weg onder hulle kluite, die stoorkamers is verlate, die store is afgebreek, want die koring het opgedroog.
- 18 Hoe sug die diere! Die troppe beeste dwaal doelloos, want daar is geen weiding vir hulle nie; selfs die troppe kleinvee kry swaar.
- 19 Tot U, o יְהוָה, roep ek uit, want 'n vuur het die weivelde van die wildernis verteer en die vlam het al die bome van die veld afgebrand.
- 20 Selfs die diere van die veld smag na U, want die waterstrome het opgedroog en vuur het die weivelde van die wildernis verteer.

- 2 ¹ Blaas 'n ramshoring in Tziyon en maak alarm op My afgesonderde berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van יְהוָה kom, waarlik, dit is naby,
² 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en 'n dik donkerte; soos die oggendskemering, uitgesprei oor die berge, so is daar 'n groot en magtige volk, soos wat daar nog nooit was nie en vir baie geslagte se jare ook nie weer sal wees nie.
- 3 Voor hom uit verteer 'n vuur en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van 'Eden en agter hom is dit 'n verlate wildernis en hoegenaamd niks ontsnap van hom nie.
- 4 Hulle voorkoms is soos die voorkoms van perde en soos oorlogsperde, so hardloop hulle.
- 5 Soos die geluid van waens spring hulle op die bergtoppe, soos die geknetter van 'n vlam wat die kaf verteer, soos 'n magtige volk wat vir die geveg opgestel is.
- 6 Die volke is in angs voor hom; alle gesigte verbleek.
- 7 Hulle hardloop soos magtige manne, hulle klim die muur soos soldate en elkeen marsjeer in lyn en wyk nie af van hulle pad nie.
- 8 Hulle druk nie teen mekaar aan nie, elkeen marsjeer op sy pad; wanneer hulle deur die verdediging bars, breek hulle nie formasie nie.
- 9 Hulle storm af op die stad, hulle hardloop op die muur, hulle klim in die huise in, hulle gaan deur die vensters in soos 'n dief.
- 10 Die aarde skud voor hulle, die hemele bewe; die son en die maan word donker en die sterre verloor hulle glans. ^{Mar 13:25}
- 11 יְהוָה verhef Sy stem voor Sy leërmag uit; Sy kamp is waarlik baie groot, want hy wat Sy woord uitvoer, is sterk. Die dag van יְהוָה is waarlik groot en uitermate ontsagwekkend en wie kan dit verdra?
- 12 "Tog, selfs nou," verklaar יְהוָה, "draai terug na My toe met jou hele verstand, wil en emosie en met vas, met gehuil en met rou
- 13 en skeur julle verstand, wil en emosie en nie julle klere nie en wees berouvol oor boosheid." Draai nou terug na יְהוָה, julle God, want Hy is goedgunstig en het liefdevolle omgee, stadig om kwaad te word en is oorfloedig in liefdevolle goedheid. ^{Eks 34:6; Yon 4:2; Nag 1:3; Ps 145:8; Neg 9:17}
- 14 Wie weet of Hy nie weer sal draai en berou en 'n seën agter Hom sal laat nie, selfs 'n graanoffer en 'n drankoffer aan יְהוָה, julle God?
- 15 Blaas 'n ramshoring in Tziyon, sonder 'n vas af, verklaar 'n ernstige byeenkoms,
- 16 maak die volk bymekaar, sonder die gemeente af, vergader die oudstes, maak die kinders en die suigeling bymekaar! Laat die bruidegom uit sy kamer uitkom en die bruid uit haar kamer.
- 17 Laat die priesters, die bedienaars van יְהוָה, tussen die stoep en die altaar huil en laat hulle sê: "O יְהוָה, spaar U volk en maak nie van U erfenis 'n bespotting, 'n bywoord onder die nasies nie. Waarom sou hulle onder die volke sê: 'Waar is hulle God?'"
- 18 Dan sal יְהוָה ywerig wees vir Sy land en jammer wees vir Sy volk.

- 19 יהוה sal antwoord en vir Sy volk sê: “Let op, Ek gaan vir julle graan, nuwe wyn en olie stuur en julle sal ten volle daardeur versadig word en Ek sal julle nooit weer ’n voorwerp van spot maak onder die nasies nie,
- 20 maar Ek sal die leërmag vanuit die noorde ver van julle af verwyder en Ek sal dit in ’n geskroeide en verlate land indryf; sy voorhoede in die oostelike see en sy agterhoede in die westelike see. Sy stank sal opstyg en sy slegte reuk opkom, want dit het groot dinge gedoen.”
- 21 Moenie bang wees nie, o land, swaai in die rondte van vreugde en wees bly, want יהוה het groot dinge gedoen!
- 22 Moenie bang wees nie, diere van die veld, want die weivelde van die wildernis het groen geword, want die bome het hulle vrugte gedra, die vyeboom en die wingerdstok het ten volle gelever!
- 23 Swaai in die rondte van vreugde, o seuns van Tziyon en wees bly in יהוה, julle God, want Hy het vir julle die Leermeester gegee as julle verklaring van onskuld en die reën vir julle laat val, die vroeë en die laat reëns, net soos voorheen. ^{Deut 11:14; Yir 5:24}
- 24 Die dorsvloere sal vol graan wees en die vate sal oorloop met die nuwe wyn en olie.
- 25 “Dan sal Ek vir julle opmaak vir die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die knaagsprinkaan geëet het, My groot leërmag wat Ek onder julle gestuur het.
- 26 Julle sal oorvloedig hê om te eet en versadig wees en die Karakter en Outoriteit van יהוה, julle God, prys wat wonderbaarlik met julle handel het; dan sal My volk nooit beskaamd word nie.
- 27 So sal julle weet dat Ek tussen Yisra’el is en dat Ek יהוה, julle God, is en daar is geen ander nie en My volk sal nooit beskaamd word nie.
- 28 Dit sal gebeur na hierdie dat Ek My Gees sal uitstort op die hele mensdom en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense sal drome droom en julle jongmanne sal visioene sien. ^{Yeg 39:29; Hand 2:1-4, 16-17}
- 29 Selfs op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae My Gees uitstort.
- 30 Ek sal wonders in die lug vertoon en op die aarde: bloed, vuur en pilare van rook.
- 31 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en ontsagwekkende dag van יהוה kom. ^{Luk 21:25}
- 32 Dit sal gebeur dat elkeen wat die Karakter en Outoriteit van יהוה aanroep, bevry sal word, ^{Rom 10:13} want op die berg Tziyon en in Yerushalayim sal daar bevryding wees, soos יהוה gesê het aan die oorgeblewenes wat יהוה geroep het, ^{Ova 1:17}
- 3** 1 want let op, in daardie dae en in daardie tyd wanneer Ek die voorspoed van Y’udah en Yerushalayim herstel, ^{Yeg 39:25-29}
- 2 sal Ek al die nasies bymekaarmaak en hulle afbring na die vallei van Y’hoshafat. Dan sal Ek hulle daar oordeel ter wille van My volk en My erfenis, Yisra’el, wat hulle onder die nasies verstrooi en My land opgedeel het.
- 3 Hulle het ook die lot gewerp oor My volk, ’n jong seun geruil vir ’n hoer en ’n meisie verkoop vir wyn dat hulle dit kan drink.

- 4 Meer nog, wat is julle vir My, o Tzor, Tzidon en al die streke van F'leshet? Bied julle vir My vergelding aan? As julle My egter vergeld, sal Ek vinnig en gou julle vergelding op julle kop laat neerkom.
- 5 Aangesien julle My silwer en My goud gevat het en My kosbare skatte na julle tempels gebring het
- 6 en die seuns van Y'hudah en Yerushalayim aan die Yavanese verkoop het, om hulle van hul grondgebied af te verwyder.
- 7 Let op, Ek gaan hulle laat opstaan uit die plek waarheen julle hulle verkoop het en julle vergelding op julle koppe laat neerkom.
- 8 Ek sal ook julle seuns en julle dogters in die hand van die seuns van Y'hudah verkoop en dié sal hulle verkoop aan die seuns van Sh'va, aan 'n nasie wat ver is," want יהודה het gepraat.
- 9 Kondig dit aan onder die nasies: berei voor vir 'n oorlog; wek die magtige manne op. Laat al die soldate naderkom, laat hulle opruk!
- 10 Smee julle ploegskare in swaarde en julle snoeimesse in spiese; laat die swakkes sê: "Ek is 'n magtige man."
- 11 Haas julle en kom, al julle nasies rondom en kom daar bymekaar. Bring U magtiges af, ^ויהודה!
- 12 Laat die nasies opgewek word en opkom na die vallei van Y'hoshafat, want daar sal Ek sit om al die nasies rondom te oordeel.
- 13 Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom, trap, want die parskuip is vol, die vate loop oor, want hulle boosheid is groot. ^{Open 19:15}
- 14 Menigtes, menigtes in die Vallei van Beslissing, want die dag van יהודה is naby in die Vallei van Beslissing!
- 15 Die son en die maan word donker en die sterre verloor hulle helderheid. ^{Mar 13:25}
- 16 יהודה brul uit Tziyon en verhef Sy stem uit Yerushalayim en die hemele en die aarde bewe, maar יהודה sal 'n toevlug wees vir Sy volk en 'n vesting vir die seuns van Yisra'el,
- 17 dan sal julle weet dat Ek יהודה, julle God is, wat woon op Tziyon, My afgesonderde berg. Yerushalayim sal afgesonderd wees en vreemdelinge sal nie meer deur dit trek nie. ^{Yeg 47:22-23}
- 18 Op daardie dag sal die berge drup van soetwyn en die heuwels sal vloei met melk en al die stroompies van Y'hudah vloei met water; 'n fontein sal uit die huis van יהודה uitkom om die vallei van Sheetim water te gee. ^{Yeg 47:1-12}
- 19 Mitzrayim sal 'n woesteny word en Edom 'n verlate wildernis, as gevolg van die geweld wat aan die seuns van Y'hudah gedoen is, in wie se land hulle onskuldige bloed vergiet het.
- 20 Y'hudah sal egter vir ewig bewoon word en Yerushalayim vir alle geslagte.
- 21 Ek sal hulle bloed wreek, wat Ek nog nie gewreek het nie, want יהודה bly in Tziyon.

Die sewentiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die twaalfde boek van die Profete

Die sesde boek van die Latere Profete

Die derde boek van die twaalf

`Amos (Amos)

עמוס - 'n las of lasdraer

Die boek is deur die profeet `Amos (`Am 1:1) rondom 760
voor Yeshua se koms geskryf.

- 1 1 Die woorde van `Amos, een van die skaapboere van T'koa, wat hy deur visioene aangaande Yisra'el in die dae van `Uziah, koning van Y'hudah en in die dae van Yarov'am, seun van Y'ho'ash, koning van Yisra'el, twee jaar voor die aardbewing, gesien het.
- 2 Hy het gesê: "יהוה" brul uit Tziyon en verhef Sy stem uit Yerushalayim en die herders se weivelde treur en die top van Karmel droog uit."
- 3 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Dammesek, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle Gil'ad met skerp ysters gedors het.
- 4 Ek sal 'n vuur oor die huis van Haza'el stuur en dit sal die kastele van Ben-Hadad verteer.
- 5 Ek sal ook die grendel van Dammesek breek en die inwoners uit die vallei van Aven en vir hom wat die septer dra uit Beit-'Eden afsny; so sal die volk van Aram in ballingskap gaan na Kir," sê יהוה. ^{Yir 49:23-27}
- 6 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van `Azah, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle 'n ganse bevolking in ballingskap weggevoer het om hulle aan Edom uit te lewer.
- 7 Ek sal 'n vuur stuur op die muur van `Azah en dit sal sy kastele verteer.
- 8 Ek sal ook die inwoners van Ashdod afsny en vir hom van Ashkelon wat die septer dra; Ek sal selfs My krag teen `Ekron vrystel en dié wat oorgebly het van die F'lishtyne sal omkom," sê יהוה-God.
- 9 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Tzor, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle 'n ganse bevolking aan Edom oorgegee het en nie die verbond van broederskap onthou het nie.
- 10 Ek sal 'n vuur stuur op die muur van Tzor en dit sal sy kastele verteer."
- 11 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Edom, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het terwyl hy sy liefdevolle omgee gesmoor het; sy woede het ook voortdurend verskeur en hy het sy toorn ewiglik behou.
- 12 Ek sal vuur stuur op Teman en dit sal die kastele van Botzrah verteer."
- 13 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van die seuns van `Ammon, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die swanger vroue van Gil'ad oopgesny het om hulle grondgebied uit te brei.
- 14 Ek sal 'n vuur aansteek op die muur van Rabbah en dit sal sy kastele verteer te midde van gevegskrete op die dag van die geveg en 'n storm op die dag van die orkaan.
- 15 Hulle koning sal in ballingskap gaan, hy, saam met sy prinse," sê יהוה.
- 2 1 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Mo'av, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het.
- 2 Ek sal vuur op Mo'av stuur en dit sal die kastele van K'riot verteer en Mo'av sal te midde van opskudding sterf, met oorlogsuitroepe en die klank van die ramshoring.
- 3 Ek sal die regter uit haar midde uitsny en al haar prinse saam met haar neerslaan," sê יהוה.

- 4 So sê יהוה: “Oor drie oortredinge van Y’hudah, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die wet van יהוה verwerp het ^{2 Kon 23:26,27; 24:2; Hos 12:1; Mal 2:11} en nie Sy instellings onderhou het nie; hulle leuens het hulle ook verlei, dié waar agter hulle vaders aangeloop het.
- 5 Ek sal vuur op Y’hudah stuur en dit sal die kastele van Yerushalayim verteer.”
- 6 So sê יהוה: “Oor drie oortredinge van Yisra’el, oor vier, sal Ek dit nie herroep nie omdat hulle die onpartydige en opregte vir silwer verkoop het en die behoeftige vir ’n paar sandale waarmee hulle in die stof van die aarde trap;
- 7 hulle onderdruk die hulpeloses en weerhou regverdigde oordeel van die vaderloses en ’n man en sy vader gaan in by dieselfde jongmeisie om My afgesonderde Naam te oonteer. ^{Lev 18}
- 8 Hulle strek hulleself uit in vuil klere langs elke altaar en drink die wyn van veroordeeldes in die huis van hulle god.
- 9 Tog was dit Ek wat die Emoriete voor hulle uit vernietig het, alhoewel sy hoogte soos die hoogte van seders was en hy so sterk soos die eikebome was; Ek het selfs sy vrug bo en sy wortels onder vernietig.
- 10 Dit was Ek wat julle uit die land van Mitzrayim gebring en julle veertig jaar lank in die woestyn gelei het dat julle die land van die Emoriete in besit kan neem.
- 11 Toe het Ek sommige van julle seuns as profete opgelig en sommige van julle jongmanne as Natziereërs. Is dit nie so nie, o seuns van Yisra’el?” verklaar יהוה.
- 12 “Julle het egter die Natziereërs wyn laat drink en die profete beveel en gesê: ‘Julle mag nie profeteer nie!’ ^{2 Kro 21:11}
- 13 Let op, Ek word onder julle afgedruk soos ’n wa afgedruk word wanneer dit volgemaak word met gerwe.
- 14 Ontvlugting sal vergaan vir die vinniges en die staatmaker sal nie sy krag versterk of die magtige manne sy lewe red nie.
- 15 Hy wat die boog vasvat sal nie staan, die vlugvoetige nie ontsnap, of hy wat ’n perd ry sy lewe red nie.
- 16 Selfs die dapperste onder die soldate sal op dié dag kaal wegvlug,” verklaar יהוה.
- 3** 1 Gee ag op hierdie boodskap wat יהוה teen julle gepraat het, seuns van Yisra’el; teen die hele familie wat Hy uit die land van Mitzrayim gebring het:
- 2 “Julle alleen het Ek uit al die families van die aarde gekies; dáárom sal Ek julle straf vir al julle onregverdighede.
- 3 Loop twee manne saam as hulle nie ’n afspraak gemaak het nie?
- 4 Brul ’n leeu in die woud as hy geen prooi het nie? Sal ’n jong leeu grom uit sy lêplek as hy nie iets gevang het nie?
- 5 Sal ’n voël in ’n net op die grond val as daar geen aas in is nie? Sal ’n wip van die grond af opspring wanneer dit niks gevang het nie?
- 6 As ’n ramshoring in die stad geblaas word, sal die mense nie bewe nie? As ’n katastrofe in die stad gebeur, het יהוה dit nie gedoen nie?”
- 7 Sekerlik doen יהוה-God niks tensy Hy Sy geheime raadsbesluit aan Sy diensknegte, die profete, openbaar het nie.
- 8 ’n Leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? יהוה-God het gepraat, wie kan nie anders as om te profeteer nie?

- 9 Verkondig oor die kastele in Ashdod en oor die kastele in die land van Mitzrayim en sê: “Maak julleself bymekaar op die berge van Shomron en sien die groot storms en die onderdrukking in haar midde,”
- 10 maar hulle weet nie hoe om te doen wat reg is nie,” verklaar יהוה, “hulle wat geweld en vernietiging ophoop in hulle kastele;”
- 11 daarom, so sê יהוה-God: “’n Vyand, een wat die land omsingel, sal jou krag van jou af neerwerp en jou kastele sal geplunder word.”
- 12 So sê יהוה: “Net soos ’n herder ’n paar pote of ’n stukkie oor red uit die bek van ’n leeu, net so sal die seuns van Yisra’el wat in Shomron bly, saam met hulle wat in Dammesek bly, deur ’n staf wat skielik slaan, gered word.
- 13 Luister en getuig teen die huis van Ya’akov,” verklaar יהוה-God, die God van die leërmagte,
- 14 “want op die dag wat Ek Yisra’el se oortredinge straf, sal Ek die altare van Beit-El straf; die horings van die altaar sal afgesny word en hulle sal op die grond val.
- 15 Ek sal ook die wintershuis saam met die somershuis tref; die huise van ivoor sal ook vergaan en die groot huise sal tot ’n einde kom,” verklaar יהוה.
- 4** 1 Luister en gee ag op hierdie boodskap, koeie van Bashan, wat op die berg van Shomron is, wat die armes onderdruk, die behoefteiges vergruis, wat vir hulle mans sê: “Bring nou sodat ons kan drink!”
- 2 יהוה-God het gesweer by Sy Afgesonderdheid: “Let op, die dae kom oor julle dat hulle julle met vleishake sal wegvat en die laastes van julle met vishoeke.
- 3 Elke vrou sal deur gapings in die muur uitgaan, elkeen reg voor haar en hulle sal na die berg van Armenië gegooi word,” verklaar יהוה-God.
- 4 “Gaan Beit-El binne en oortree; in Gilgal vermenigvuldig oortredinge! Bring elke oggend julle offers, julle tiendes elke drie dae.
- 5 Offer ook van wat gesuurd is ’n dankoffer en roep vrywillige offers uit, maak dit bekend, want julle hou daarvan om dit te doen, seuns van Yisra’el!” verklaar יהוה-God.
- 6 “Ék het julle egter reinheid van tande (tekort aan kos) gegee in al julle stede en gebrek aan brood in al julle plekke, nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie,” verklaar יהוה.
- 7 Verder het Ék die reën van julle af teruggehou toe daar nog drie maande oor was na oestyd. Toe sou Ek reën stuur oor een stad en op ’n ander stad geen reën nie; dit sal op een deel reën kry terwyl die deel waarop nie reën val nie, sal verdroog.
- 8 So het twee of drie stede by een stad bymekaargekom om water te drink, maar hulle het nie genoeg gekry nie; nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie,” verklaar יהוה.
- 9 “Ek het julle geslaan met skroeiende wind en muf en die ruspe het julle baie tuine, wingerde, vyebome en olyfbome verslind; nogtans het julle nie teruggekeer na My toe nie,” verklaar יהוה.
- 10 “Ek het ’n plaag onder julle gestuur, op die manier van Mitzrayim; Ek het julle jongmense met die swaard neergeslaan saam met julle gevangde perde en Ek het die stank van julle kamp laat opstyg in julle neusgate; nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie,” verklaar יהוה.

- 11 “Ek het julle omgegooi soos Ek S’dom en ‘Amorah omgegooi het en julle was soos ’n stuk brandhout wat uit ’n vuur geruk is; nogtans het julle nie na My toe teruggedraai nie,” verklaar יְהוָה.
- 12 “Ek sal daarom só met jou maak, o Yisra’el omdat Ek só met jou sal doen, maak gereed om jou God te ontmoet, o Yisra’el,”
- 13 want let op, Hy wat berge vorm, die wind skep en aan die mens Sy gedagte bekend-maak, Hy wat die sonsopkoms in duisternis maak en op die hoë plekke van die aarde loop, יְהוָה, God van die leërmagte, is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)!
- 5** 1 Luister en gee ag op hierdie boodskap wat Ek vir julle as ’n klaaglied aanhef, o huis van Yisra’el:
- 2 Sy het geval, sy sal nie weer opstaan nie, die maagd Yisra’el. Sy is alleen gelos op haar land; daar is niemand om haar op te tel nie,
- 3 want so sê יְהוָה-God: “Die stad wat met ’n duisend sterk uitgaan, sal ’n honderd oor hê en die een wat met ’n honderd uitgaan, sal tien oor hê vir die huis van Yisra’el,”
- 4 want so sê יְהוָה aan die huis van Yisra’el: “Soek My sodat julle kan leef,
- 5 maar neem nie jou toevlug tot Beit-El en kom nie na Gilgal of gaan oor na Be’er-Sh’va nie, want Gilgal sal sekerlik in ballingskap gaan en Beit-El sal in moeilikheid kom.
- 6 Soek יְהוָה sodat julle kan lewe anders sal Hy soos ’n vuur in die huis van Yosef uitbreek en Beit-El verteer en daar sal niemand wees om dit te blus nie.
- 7 Julle wat regverdigde oordeel in wilde-als (bitterheid) verander en onpartydige opregtheid teen die grond gooi!”
- 8 Hy wat die Sewester en Orion gemaak het en die diep duisternis na oggend verander, wat ook die dag verdonker na nag, wat uitroep na die waters van die see en dit uitgooi oor die oppervlakte van die aarde, יְהוָה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)!
- 9 Dit is Hy wat die swakke laat heers oor die sterke en die nederige op lig bo die trots!
- 10 Hulle haat hom wat in die poort bestraf en hulle verafsku hom wat met integriteit praat.
- 11 Om rede julle ’n swaar rente op die arme lê en van hulle ’n heffing van graan vat, het julle huise van goed gekapte klippe gebou, tog sal julle nie daarin woon nie; julle het aangename wingerde geplant, tog sal julle die wyn daarvan nie drink nie,
- 12 want Ek weet dat julle oortredings baie is en julle sondes groot, julle wat die onpartydige en opregte benoud maak, omkoopgeld aanvaar en die armes in die poort wegstoot;
- 13 daarom bly die versigtige stil tydens so ’n tyd, want dit is ’n bese tyd.
- 14 Soek wat goed is en nie wat boos is nie sodat julle kan lewe en mag יְהוָה, die God van die leërmagte, só by julle wees, net soos julle gesê het.
- 15 Haat boosheid, wees lief vir wat goed is ^{Rom 16:19; 1 Kor 14:20} en vestig regverdigde oordeel in die poort! Miskien sal יְהוָה, die God van die leërmagte, onverdiende guns bewys oor die wat oorbly van Yosef;

- 16 daarom, so sê יְהוָה, die God van die leërmagte: “Op al die pleine is daar ’n geweeklaag en op al die strate sê hulle: ‘Ag tog, ag tog!’ Hulle roep ook die boer tot rou en die beroepsklaers tot treurliedere.
- 17 Daar is ook ’n geweeklaag in al die wingerde omdat Ek in jou midde sal deurgaen,” sê יְהוָה.
- 18 Ag tog, julle wat na die dag van יְהוָה verlang, want watter doel sal die dag van יְהוָה vir julle hê? Dit sal duisternis wees en nie lig nie; ^{1 Thes 5:2}
- 19 soos wanneer ’n man vlug vir ’n leeu en ’n beer loop hom raak; of huis toe gaan, teen die muur leun met sy hand en ’n slang byt hom!
- 20 Sal die dag van יְהוָה nie duisternis wees in plaas van lig nie, selfs donkerte sonder helderheid daarin?
- 21 “Ek haat, Ek verwerp julle feeste en het ook geen vreugde in julle ernstige byeenkomste nie.
- 22 Selfs al offer julle vir My brandoffers en julle graanoffers, Ek sal hulle nie aanvaar nie en Ek sal nie eers kyk na die vredesoffer van julle vetgemaakte diere nie.
- 23 Verwyder van My die geraas van jou liedere; Ek sal nie eens luister na die klank van jou harpe nie
- 24 en laat die regverdige oordeel afrol soos water en onpartydige opregtheid soos ’n ewig vloeiende stroom.
- 25 Het julle offers en graanoffers tot My gebring in die wildernis vir veertig jaar lank, o huis van Yisra’el?
- 26 Julle het ook vir Sikkut, julle koning en Kiyun, julle beelde, die ster van julle gode, wat julle vir julleself gemaak het, gedra; ^{Hand 7:43}
- 27 daarom sal Ek julle anderkant Dammesek in ballingskap laat gaan,” sê יְהוָה, wie se Naam God van die leërmagte is.
- 6** 1 Wee die gerustes in Tziyon en die wat veilig voel op die berg van Shomron, die vooraanstaandes van die voorstes van die nasies, na wie die huis van Yisra’el kom!
- 2 Gaan oor na Kalneh en kyk, gaan vandaar na Hamat, die grote, gaan dan af na Gat van die F’lishtyne! Is hulle beter as hierdie koninkryke, of is hulle grondgebied groter as julle s’n?
- 3 Hulle wat wag op die dag van onheil en die blyplek van boosheid laat nader kom;
- 4 hulle wat op beddens van ivoor lê, hulleself oorgee aan plesiere op hulle rusbanke en die vetgemaakte lammers van die kleinvee en die kalwers uit die stal eet,
- 5 wat sing by die klank van die harp, hulleself bekwaam beskou met musiekinstrumente soos Dawid,
- 6 wat suiwer wyn drink en hulleself met die beste soorte olie self, maar hulle is gevoelloos oor die vernietiging van Yosef;
- 7 daarom sal hulle nou aan die voorpunt van die ballinge in ballingskap gaan en die vreugde sal van hulle heersers af weggevat word.
- 8 יְהוָה-God het by Homself gesweer, יְהוָה-God van die leërmagte het verklaar: “Ek verafsku die arrogansie van Ya’akov en haat sy kastele; daarom sal Ek die stad en alles wat daarin is oorlewer.”

- 9 Dit sal wees as daar tien man in een huis oorgebly het, hulle sal sterf,
- 10 dan sal die een se oom, of sy begrafnis-ondernemer, hom opsig om sy lyk uit die huis uit te dra en aan die een wat in die heel binneste van die huis is, sê: "Is enige iemand anders by jou?" Daardie een sal antwoord: "Nie een nie." Dan sal hy antwoord: "Bly stil, want die Naam van יהוה moenie genoem word nie,"
- 11 want let op, יהוה gaan beveel dat die groot huis tot stukkie geslaan word en die klein huisie tot splinters.
- 12 Kan perde op rotse hardloop, of ploeg 'n mens op hulle met osse? Tog het julle die regverdige oordeel in gif verander en die vrug van onpartydige opregtheid in wilde-als.
- 13 Julle wat bly is oor nietigheid en sê: "Het ons nie deur ons eie krag horings verkry nie?"
- 14 "Want let op, Ek gaan 'n nasie teen julle opwek, o huis van Yisra'el," verklaar יהוה-God van die leërmagte, "en hulle sal julle teister vanaf die ingang na Hamat af tot by die spruit van die Vlakte (ʿAravah). ^{Deut 28:49}
- 7** 1 Dit het יהוה-God my laat sien en let op, Hy het 'n sprinkaanswerm gevorm toe die lente-oes begin uitspruit en let op, die lente-oes was nadat die koning gemaai het.
- 2 Dit het gebeur, toe hulle klaar was om die gewasse van die land te eet, dat ek gesê het: "יהוה-God, spreek vry asseblief! Hoe kan Ya'akov staan, want hy is klein?"
- 3 יהוה het Sy gedagtes hieroor verander. "Dit sal nie gebeur nie," het יהוה gesê.
- 4 Dit het יהוה-God my laat sien en let op, יהוה-God het geroep om met hulle in stryd te gaan deur vuur en dit het die groot ondergrondwater verteer en het begin om die landerye te verteer.
- 5 Toe het ek gesê: "יהוה-God, hou op asseblief! Hoe kan Ya'akov staan, want hy is klein?"
- 6 יהוה het Sy gedagtes hieroor verander. "Dit sal ook nie gebeur nie," het יהוה-God gesê.
- 7 Dit het Hy my laat sien en let op, יהוה het by 'n loodregte muur gestaan met 'n skietlood in Sy hand.
- 8 יהוה het vir my gesê: "Wat sien jy, ʿAmos? Ek het geantwoord: "ʿn Skietlood." Toe sê יהוה: "Let op, Ek is op die punt om 'n skietlood in die midde van My volk Yisra'el te sit. Ek sal hulle nie langer spaar nie."
- 9 Die belaglike afgodstempels sal verlate gemaak word en die afgesonderde plekke van Yisra'el verwoes word. Dan sal Ek teen die huis van Yarov'am opstaan met die swaard."
- 10 Toe het Amatzyah, die priester van Beit-El, na Yarov'am, koning van Yisra'el, gestuur en gesê: "ʿAmos het teen u saamgesweer midde-in die huis van Yisra'el; die land kan nie al sy woorde uithou nie,
- 11 want so het ʿAmos gesê: 'Yarov'am sal deur die swaard sterf en Yisra'el sal sekerlik vanaf sy land in ballingskap gaan.'"
- 12 Toe sê Amatzyah vir ʿAmos: "Gaan, siener, vlug weg na die land van Y'hudah, eet daar brood en profeteer daar,

13 maar moenie langer in Beit-El profeteer nie, want dit is 'n afgesonderde plek van die koning en 'n koninklike blyplek.”

14 Toe het `Amos Amatzyah geantwoord: “Ek is nie 'n profeet en ook nie die seun van 'n profeet nie, want ek is 'n veewagter en kweker van wildevyebome,

15 maar יהוה het my agter die kleinvee weggevat en יהוה het vir my gesê: ‘Gaan, profeteer vir My volk Yisra’el.’

16 Hoor en gee nou ag op die boodskap van יהוה! Jy sê: ‘Jy mag nie teen Yisra’el profeteer of teen die huis van Yitz’gak praat nie;’

17 daarom, so sê יהוה: ‘Jou vrou sal 'n hoer word in die stad, jou seuns en jou dogters sal deur die swaard val, jou grond sal verdeel word met die meetlyn en jy self sal op onrein grond sterf. Meer nog, Yisra’el sal sekerlik vanaf sy land in ballingskap gaan.’” 2 Kon 17

8 1 Dit het יהוה-God vir my gewys en let op: 'n mandjie met somervrugte.

2 Hy het gesê: “Wat sien jy, `Amos?” Ek het geantwoord: “'n Mandjie somervrugte.” Toe sê יהוה vir my: “Die einde het vir My volk Yisra’el gekom. Ek sal hulle nie langer spaar nie.

3 Die liedere van die paleis sal in daardie dag verander tot 'n weeklaag,” verklaar יהוה-God. “Die lyke sal baie wees; hulle sal hulle in stilte op elke plek gooi.”

4 Luister en gee ag hierop, julle wat die behoeftige vertrap om weg te doen met die nederiges van die land

5 en sê: “Wanneer is die Nuwemaan verby sodat ons koring mag verkoop en die Shabbat sodat ons die graanskuur kan oopmaak, om die efa kleiner en die sikkal groter te maak en te bedrieg met oneerlike skale;” Lev 19:11

6 dat ons aan die armes vir silwer kan verkoop en die behoeftige betaal met die afval van die koring en die afval wat op die vloer van die stoorkamer oorbly, verkoop?”

7 יהוה het gesweer by die trots van Ya’akov: “Inderdaad, Ek sal nooit enige van hulle dade vergeet nie.

8 Sal die aarde nie hieroor skud en elkeen wat daarin bly, nie treur nie? Inderdaad, dit sal alles oprys soos die Nyl en dit sal rondgegooi word en wegsak soos die Nyl van Mitzrayim.

9 Dit sal gebeur in daardie dag,” verklaar יהוה-God, “dat Ek die son twaalf uur die middag (die sesde uur) sal laat ondergaan en die aarde donker maak helder oordag,” Luk 23:44

10 dan sal Ek julle feeste verander in rou en al julle liedere in klaagliedere en Ek sal 'n roukleed om elkeen se heupe sit en elke kop bles maak. Ek sal dit maak soos by die rou oor 'n enigste seun en die einde daarvan sal soos 'n bitter dag wees.

11 Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה-God, “wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen.” Deut 8:3; Mat 4:4; Yog 6:48-; Yog 7:37

12 Mense sal steier van see tot see en van die noorde na die ooste; hulle sal heen en weer gaan om die boodskap van יהוה te soek, maar hulle sal dit nie vind nie.” Yog 7:36

13 In daardie dag sal die mooi maagde en die jongmanne van dors beswyk.

14 Dié wat sweer by die skuld van Shomron en sê: ‘So waar as jou god leef, o Dan, so waar as die lewenswyse van Be’er-Sh’va leef,’ hulle sal val en nie weer opstaan nie.”

9 ¹ Ek het יהוה langs die altaar sien staan en Hy het gesê: “Slaan die pilaarkoppe sodat die drumpels skud en breek hulle op die koppe van almal! Dan sal Ek die wat van hulle oorbly met die swaard neerslaan: daar sal geen voortvlugtige uit hulle wees wat ontvlug of ’n vlugteling wat ontsnap nie.

2 Al grawe hulle in Sh’ol in, My hand sal hulle daaruit haal en al gaan hulle op na die hemel, Ek sal hulle van daar af afbring.

3 Al kruip hulle weg op die top van Karmel, Ek sal hulle daar opspoor en van daar af wegvat en al verberg hulle hul voor My oë op die bodem van die see, Ek sal die slang van daar af beveel en dit sal hulle byt.

4 Al gaan hulle as gevangenes voor hulle vyande uit, Ek sal van daar af die swaard beveel om hulle dood te maak en Ek sal My oog teen hulle rig ten kwade en nie ten goede nie,”

5 sê יהוה, God van die leërmagte, die Een wat die aarde aanraak en dit skud en almal wat daarop woon laat treur en dit laat oprys soos ’n vloed dit opsweep en laat wegsak soos die Nyl van Mitzrayim.

6 Die Een wat sy solders in die hemele bou en Sy koepel oor die aarde vestig; Hy wat die waters van die see roep en dit uitgiet op die oppervlak van die aarde, יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)!

7 “Is julle nie vir My soos die seuns van Kush nie, o seuns van Yisra’el?” verklaar יהוה. “Het Ek Yisra’el nie gebring uit die land van Mitzrayim en die F’lishtyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir nie?

8 Let op, die oë van יהוה-God is op die sondige koninkryk en Ek sal dit van die oppervlak van die aarde af vernietig; nogtans sal Ek nie die huis van Ya’akov volkome vernietig nie,” verklaar יהוה,

9 “want let op, Ek beveel en Ek sal die huis van Yisra’el onder al die nasies skud soos in ’n sif geskud word, maar daar sal nie ’n korrel op die grond val nie. ^{Luk 22:31}

10 Al die sondaars van My volk sal deur die swaard sterf; die wat sê: ‘Die katastrofe sal ons nie inhaal of konfronteer nie.

11 In daardie dag sal Ek die vervalte hut van Dawid oplik en sy krake toebou; Ek sal ook sy puinhope oplik en dit herbou soos in die ou tyd ^{Hand 15:16}

12 dat hulle dit wat van Edom oorgebly het en al die nasies wat volgens My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, kan besit” verklaar יהוה, wat dit doen.

13 “Let op, die dae kom,” verklaar יהוה, “wanneer die ploëer die maaier sal inhaal en die druiwetrapper die een wat die saad saai; wanneer die berge van nuwe wyn sal drup en al die heuwels hulle verbly.

14 Ek sal ook My volk Yisra’el uit gevangenskap herstel en hulle sal die verwoeste stede herbou en daarin bly; hulle sal ook wingerde plant en die wyn daarvan drink en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

15 Ek sal hulle ook plant op hul land en hulle sal nie weer ontwortel word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie,” sê יהוה, jou God.

Die agtiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die dertiende boek van die Profete

Die sewende boek van die Latere Profete

Die vierde boek van die twaalf

`Ovadyah (Obadja)

יהודה - Dienskneg van עבדיה

Die boek is tydens die ballingskap - tyd onbekend - deur die profeet `Ovadyah (`Ov 1:1) geskryf.

- 1 1 Die visioen van 'Ovadyah: so sê יהודה-God aangaande Edom: Ons het 'n verslag vanaf die Teenwoordigheid van יהודה gehoor en 'n boodskapper is uitgestuur na die nasies om te sê: "Staan op teen haar in die geveg!"
- 2 "Let op, Ek sal jou klein maak onder die nasies; jy word baie verag. ^{Yir 49:15}
- 3 Die arrogansie van jou verstand, wil en emosie het jou bedrieg, jy wat in die rotsklowe bly, in die hoogtes en wat in jou gedagtes sê: 'Wie sal my afbring aarde toe?'
- 4 Al bou jy so hoog soos die arend, al maak jy jou nes tussen die sterre, Ek sal jou van daar af afbring," verklaar יהודה.
- 5 "As diewe na jou toe kom, as rowers in die nag kom; o, hoe sal jy vernietig word; sou hulle nie steel totdat hulle genoeg het nie? As druiwesnyers na jou toe kom, sou hulle nie die na-oes laat oorbly het nie? ^{Yir 49:9}
- 6 O, hoe is 'Esav gestroop, sy verborge skatte uitgesoek!
- 7 Al jou bondgenote sal jou wegstuur na die grens en die manne in vrede met jou sal jou mislei en jou oorweldig. Hulle wat jou brood eet, sal vir jou 'n hinderlaag stel, want 'Esav het geen insig in hom nie!
- 8 Sal Ek nie op daardie dag," verklaar יהודה, "wyse manne uit Edom en die insig vanaf die berg van 'Esav, vernietig nie?
- 9 Dan sal jou magtige manne moedeloos wees, o Teman, sodat elkeen deur slagting uitgeroei sal word op die berg van 'Esav.
- 10 As gevolg van geweld teen jou broer Ya'akov, sal jy bedek wees met skande en jy sal vir ewig afgesny word.
- 11 Op die dag toe jy op 'n afstand gestaan het, op die dag toe vreemdelinge sy rykdom weggedra en buitelanders deur sy poorte ingegaan het en die lot oor Yerushalayim gewerp het, was jy ook soos een van hulle!
- 12 Moenie lekker kry oor die dag van jou broer, die dag van sy teëspoed en moenie jou verheug oor die seuns van Y'hudah op die dag van hulle vernietiging nie; ja, moenie spog op die dag van hulle benoudheid nie!
- 13 Moenie die poort van My volk ingaan op die dag van hulle ramp nie. Ja, jy, moenie lekkerkry oor hulle katastrofe op die dag van hulle ramp nie. Moenie hulle rykdom buit op die dag van hulle ramp nie!
- 14 Moenie op die kruispad staan om sy vlugteling neer te slaan nie en moenie sy oorlewendes in die tronk gooi op die dag van hulle benoudheid nie,
- 15 want die dag van יהודה kom nader oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal dit aan jou gedoen word. Jou handelinge sal op jou eie kop afkom,
- 16 want net soos julle gedrink het op My afgesonderde berg, sal al die nasies aanhoudend drink. Hulle sal drink en sluk en word asof hulle nooit bestaan het nie,
- 17 maar op die berg Tziyon sal dié wees wat ontsnap en dit sal afgesonderd wees en die huis van Ya'akov sal diegene besit wat hulle besit het.
- 18 Dan sal die huis van Ya'akov 'n vuur wees en die huis van Yosef 'n vlam, maar die huis van 'Esav soos stoppels en hulle sal hul aan die brand steek en hulle verteer sodat daar geen oorlewende van die huis van 'Esav sal wees nie," want יהודה het gepraat.

- 19 Dan sal dié van die Suidland (Negev) die berg van 'Esav besit en dié van die Laeveld (Sh'felah) die land van die F'lishtyne asook die gebied van Efrayim en die gebied van Shomron en Binyamin sal Gil'ad besit.
- 20 Die ballinge van hierdie leërmag van die seuns van Yisra'el, wat tussen die Kena'aniete is, so ver as tot by Tzarfat en die ballinge van Yerushalayim wat in S'farad (Spanje) is, sal die stede van die Suidland besit.
- 21 Die wat bevry is, sal opgaan met die berg Tziyon om die berg van 'Esav te oordeel en die Koninkryk sal aan יהודה' behoort.

Die negentiende boek van die Verbond (Tanakh)

Die veertiende boek van die Profete

Die agste boek van die Latere Profete

Die vyfde boek van die twaalf

Yonah

(Jona)

יונה - Duif

Die boek se skrywer en tyd waarin dit afspeel is onbekend.

- 1 Die woord van יהוה het tot Yonah, die seun van Amittai gekom en gesê:
- 2 “Staan op, gaan na die groot stad Ninveh en roep daarteen uit, want hulle boosheid het opgekom voor My.”
- 3 Yonah het egter opgestaan om na Tarshish te vlug, weg van die Teenwoordigheid van יהוה af. Hy het afgegaan na Yafo, ’n skip gevind wat na Tarshish vaar, die reisgeld betaal en daarin afgegaan om saam met hulle na Tarshish te vaar, weg van die Teenwoordigheid van יהוה af.
- 4 יהוה het ’n sterk wind oor die see uitgestuur en daar was ’n groot storm op die see sodat die skip op die punt was om op te breek.
- 5 Toe het die matrose bang geword en elke man het uitgeroep na sy god. Die bemanning het die vraag wat in die skip was, in die see gegooi om dit vir hulle ligter te maak, maar Yonah het afgegaan na die vraggedeelte van die skip, gaan lê en vas aan die slaap geraak.
- 6 Die kaptein het hom genader en gesê: “Hoe is dit dat jy slaap? Staan op, roep uit na jou God! Miskien sal jou God bekommerd wees oor ons sodat ons nie sal vergaan nie.”
- 7 Elkeen sê toe vir sy maat: “Kom, laat ons lootjies trek sodat ons kan weet om wie se ontwil hierdie katastrofe ons getref het.” Hulle het geloot en die lot het op Yonah geval.
- 8 Toe sê hulle vir hom: “Vertel ons nou! Om watter rede het hierdie ramp ons getref? Wat is jou beroep en waar kom jy vandaan? Van watter land is jy en uit watter volk kom jy?”
- 9 Hy antwoord hulle: “Ek is ’n Hebreër en ek vrees יהוה, God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het.”
- 10 Toe het die manne baie bang geword en sê vir hom: “Hoe kon jy dit doen?” Die manne het geweet dat hy van die Teenwoordigheid van יהוה af wegvlug, want hy het hulle vertel.
- 11 Hulle sê vir hom: “Wat moet ons aan jou doen sodat die see kalm sal word vir ons?” Want die see het hoe langer hoe onstuimiger geword.
- 12 Hy antwoord hulle: “Tel my op en gooi my in die see; dan sal die see vir julle kalm word, want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het.”
- 13 Nogtans het die manne geroei om terug te keer land toe, maar hulle kon nie omdat die see selfs onstuimiger teen hulle geword het.
- 14 Toe roep hulle uit tot יהוה en sê: “O, יהוה, ons bid ernstig, laat ons tog nie vergaan weens hierdie man se lewe nie en sit nie onskuldige bloed op ons nie, want U, יהוה, het gedoen volgens U welbehae.”
- 15 Hulle het Yonah opgetel, hom in die see gegooi en die see het sy onstuimigheid gestop.
- 16 Toe het die manne יהוה baie gevrees en ’n offer aan יהוה geoffer en geloftes gemaak.

2 ¹ יְהוָה het 'n groot vis aangestel om Yonah in te sluk en Yonah was vir drie dae en drie nagte in die maag van die vis. Mat 12:39,40; 16:4

2 Toe het Yonah tot יְהוָה, sy God, gebed vanuit die maag van die vis

3 en hy het gesê: “Uit my benoudheid het ek יְהוָה aangeroep en Hy het my geantwoord.

Vanuit die diepte van Sh'ol het ek uitgeroep om hulp; U het my stem gehoor,

4 want U het my in die diepte gegooi, in die binneste van die see en die stroom het my ingesluk; al U deinings en golwe het oor my gegaan.”

5 Ek het gesê: “Ek is uit U Teenwoordigheid verban, nogtans sal ek weer in die rigting van U afgesonderde tempel kyk.

6 Water het my omring tot op die punt van die dood, die groot vis het my ingesluk, seegras was om my kop gedraai.

7 Ek het afgegaan tot by die wortels van die berge, die aarde met sy tralies was vir ewig rondom my, maar U het my lewe uit die put uit opgebring, יְהוָה, my God!

8 Terwyl ek weggetaan het, het ek יְהוָה onthou en my gebed het, in U afgesonderde tempel, na U toe gekom.

9 Die wat nietige afgode erken, verlaat U goedheid,

10 maar ek sal tot U offer met 'n stem van danksegging. Dit wat ek beloof het, sal ek betaal. Redding is vanaf יְהוָה.”

11 Toe het יְהוָה die vis beveel en dit het Yonah op die droë grond uitgespoeg.

3 ¹ Die woord van יְהוָה het vir die tweede maal tot Yonah gekom en gesê:

2 “Staan op, gaan na die groot stad Ninveh en verkondig daaraan die verklaring wat Ek gaan gee.”

3 Yonah het opgestaan en na Ninveh gegaan volgens die woord van יְהוָה. Ninveh was 'n uitermate groot stad, drie dae se loop.

4 Toe het Yonah begin om deur die stad te gaan, een dag se loop en hy het uitgeroep en gesê: “Nog veertig dae, dan word Ninveh omvergewerp.”

5 Toe het die manne van Ninveh God vertrou, 'n vas uitgeroep en sakklere aangetrek, van groot tot klein.

6 Toe die boodskap die koning van Ninveh bereik, het hy opgestaan van sy troon af, sy bokleed eenkant neergesit en homself met sakklere bedek en in die as gaan sit.

7 Hy het 'n proklamasie uitgevaardig wat gesê het: “In Ninveh, in opdrag van die koning en sy edelmanne: geen mens of dier, bees of kleinvee mag aan iets proe nie, hulle mag nie eet of water drink nie,

8 maar beide mens en dier moet met sakklere bedek wees en laat die mense ernstig tot God roep sodat elkeen kan wegdraai van sy bose lewenswyse en van die geweld wat in sy hande is.

9 Wie weet of God mag terugdraai en onverdiende guns oor ons mag hê en Sy brandende woede van ons af verwyder sodat ons nie sal vergaan nie.”

10 God het hulle werke gesien dat hulle omgedraai het van hulle verkeerde lewenswyse en God het Sy woede van hulle af weggedraai en hulle nie vernietig nie.

- 4 1 Dit het Yonah egter baie ontevrede gemaak en hy het kwaad geword.
- 2 Hy het tot יהוה gebid en gesê: “Asseblief יהוה, is dit nie wat ek gesê het terwyl ek nog in my eie land was nie? Ek het daarom na Tarshish gevlug om hierdie te verhoed, want ek het geweet dat U 'n God van liefdevolle omgee en onverdiende guns is, stadig om kwaad te word en oorvloedig in liefdevolle goedheid en Een wat katastrofes wegdraai; Eks 34:6; Yo' 2:13; Nag 1:3; Ps 86:5; Ps 145:8; Neg 9:17
- 3 daarom, o יהוה, neem asseblief my lewe van my weg, want dood is vir my beter as om te lewe.”
- 4 יהוה het gesê: “Het jy goeie rede om kwaad te wees?”
- 5 Toe het Yonah uit die stad uitgegaan en aan die oostekant daarvan gaan sit. Daar het hy vir homself 'n skuiling gemaak en onder dit gaan sit in die skaduwee totdat hy kon sien wat in die stad sou gebeur.
- 6 יהוה-God het 'n plant aangelê en dit het oor Yonah opgegroeï om 'n skaduwee oor sy kop te wees, om hom van sy ongemak te bevry en Yonah was baie bly oor die plant.
- 7 God het egter die volgende oggend met dagbreek 'n wurm beveel en dié het die plant aangeval en dit het verdor.
- 8 Toe die son opkom, het God 'n skroeiende oostewind aangelê en die son het op Yonah se kop afgekom sodat hy flou geword het en met sy hele wese gesmeek het om dood te gaan en gesê: “Dood is vir my beter as om te lewe.”
- 9 Toe sê God vir Yonah: “Het jy goeie rede om kwaad te wees oor die plant?” Hy antwoord: “Ek het goeie rede om kwaad te wees, selfs tot die dood toe.”
- 10 Toe sê יהוה: “Jy het liefdevolle omgee vir die plant waarvoor jy nie gewerk of laat groei het nie, wat oornag opgekom het en oornag vergaan het.
- 11 Sal Ek dan nie liefdevolle omgee oor Ninveh, die groot stad waarin meer as 'n honderd en twintig duisend (120 000) mense is, wat nie die onderskeid tussen hulle regter- en linkerhande ken, sowel as baie vee, hê nie?”

Die twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyftiende boek van die Profete

Die negende boek van die Latere Profete

Die sesde boek van die twaalf

Mikhah

(Miga)

מִיכָה afkorting vir מִיכָיָה Mikhayah - Wie is soos Yah

Die boek is deur Mikhah, Mik 1:1, in Y'udah in die tydperk 722 - 701 voor Yeshua geskryf.

- 1 1 Die boodskap van יהוה wat tot Mikhah van Moreshet, gekom het, in die dae van Yotam, Agaz en Hizkiyahu, konings van Y'hudah; wat hy gesien het aangaande Shomron en Yerushalayim:
- 2 “Luister en doen, o volke, almal van julle; o aarde en alles wat dit bevat en laat יהוה - God 'n getuie teen julle wees, יהוה vanaf Sy afgesonderde tempel,
- 3 want let op, יהוה kom vanuit Sy plek. Hy sal afkom en loop op die hoë plekke van die aarde.
- 4 Die berge sal onder Hom smelt en die valleie oopskeur, soos was voor die vuur, soos water wat by 'n skuins plek afgegooi word;
- 5 dit alles vanweë die rebellie van Ya'akov en vanweë die sondes van die huis van Yisra'el. Wat is die rebellie van Ya'akov? Is dit nie Shomron nie? Wat is die hoë plek van Y'hudah? Is dit nie Yerushalayim nie?
- 6 Ek sal Shomron 'n puinhoop maak in die oop veld, 'n plek om wingerdstokke te plant. Ek sal haar klippe in die valleie afgooi en haar fundamente blootlê.
- 7 Al haar afgode sal stukkend gebreek word, al haar verdienstes sal met vuur verbrand word en al haar beelde sal Ek verwoes, want hulle is versamel vanuit 'n hoer se verdienstes en tot die verdienste van 'n hoer sal dit terugkeer.
- 8 As gevolg hiervan sal ek rouklaag en huil; sal ek kaalvoet en kaal loop; ek sal kla soos die jakkals en treur soos die volstruis,
- 9 want haar wond is ongeneeslik, want dit het na Y'hudah toe gekom; dit het die poort van my volk bereik, tot by Yerushalayim.
- 10 Moet dit nie in Gat vertel nie, moet glad nie daaroor huil nie. Rol jouself in die stof by Beit-L'afrah.
- 11 Gaan aan op jou pad, inwoners van Shafir, in skandelijke naaktheid. Die inwoners van Tza'anani ontsnap nie. Die weeklag van Beit-Ha'etzel: “Hy sal sy ondersteuning van jou af wegvat.”
- 12 Die inwoners van Marot word swak, wagtend vir iets goeds omdat 'n katastrofe vanaf יהוה afgekóm het na die poort van Yerushalayim.
- 13 Span die strydwa en die span perde in, o inwoners van Lakhish; sy was die begin van sonde vir die dogter van Tziyon, want die rebelse dade van Yisra'el is in jou gevind;
- 14 daarom moet jy afskeidsgeskenke gee namens Moreshet-Gat; die huise van Akhziv sal 'n misleiding word vir die konings van Yisra'el.
- 15 Meer nog, Ek sal die een wat besit neem oor jou bring, o inwoner van Mareshah; die eer van Yisra'el sal 'Adullam binnegaan.
- 16 Maak jouself bles, trek uit jou hare vir die kinders van jou vreugde; vergroot jou bles soos die arend, want hulle sal van jou af weggaan in ballingskap.
- 2 1 Wee die wat boosheid beplan, wat boosheid uitwerk op hulle beddens! Wanneer die oggend kom, doen hulle dit, want dit is in die mag van hulle hande.
- 2 Hulle begeer lande en vat dit en huise en vat hulle weg. Hulle beroof 'n man en sy huis, 'n man en sy erfenis.”
- 3 יהוה sê daarom: “Let op, Ek beplan 'n katastrofe teen hierdie familie, waaruit julle jul nekke nie sal kan uittrek nie en julle sal nie trots kan rondloop nie, want dit sal 'n bose tyd wees.

- 4 In dié dag sal hulle 'n spotlied oor julle opneem en 'n bitter klaaglied sing: 'Ons is volkome vernietig! Hy verruil die deel van my volk; Hy vat dit weg van my! Hy verdeel ons velde onder die afvalliges;'
- 5 daarom sal daar in die vergadering van יהוה vir jou niemand wees wat die meetlyn vir jou uittrek deur die lot nie.
- 6 'Moenie praat nie!' Hulle praat egter. As hulle nie hieroor praat nie, sal die beskuldigings nie teruggedraai word nie!
- 7 Is dit die huis van Ya'akov wat sê: 'Is die Gees van יהוה ongeduldig? Is hierdie dinge Sy dade?' Doen My woorde nie goed teenoor die een wat opreg wandel nie?
- 8 Onlangs het My volk opgestaan as 'n vyand; julle trek die bokleed af van die bedekking van niksvermoedende verbygangers, van die wat terugkeer van die oorlog af.
- 9 Julle verdryf die vroue van My volk, elkeen uit hulle aangename huis; jy vat My prag en grootsheid vir ewig weg van haar kinders af.
- 10 Staan op en gaan, want hierdie is geen plek van rus nie, as gevolg van die onreinheid wat verwoesting bring, 'n pynlike verwoesting.
- 11 As iemand wat wind en valsheid najaag lieg en sê: 'Ek sal met jou praat oor wyn en sterk drank,' sal hy namens hierdie volk praat.
- 12 Ek sal almal van julle sekerlik bymekaarmaak, o Ya'akov, Ek sal sekerlik dié wat oorgebly het van Yisra'el bymekaarbring. Ek sal hulle saambring soos skape in 'n kraal; soos 'n kudde in sy weiveld. Dit sal 'n geraas maak weens die menigte van mense.
- 13 Die breker gaan voor hulle op; hulle breek uit, gaan deur die poort en gaan deur hom uit. So gaan hulle koning voor hulle uit en יהוה aan hulle hoof."
- 3** 1 Ek het ook gesê: "Hoor nou en gee ag, o leiers van Ya'akov en heersers van die huis van Yisra'el! Is dit nie julle wat regverdige oordeel moet ken nie?
- 2 Julle wat die goeie haat en dit wat boos is lief het, wat hulle velle van hulle aftrek en hulle vlees van hul gebeente af,
- 3 wat die vlees van My volk eet, hulle vel van hulle afslag, hulle bene breek en hulle aan stukke kap soos vir 'n pot en soos vir vleis in 'n pan,"
- 4 dan sal hulle na יהוה uitroep, maar Hy sal hulle nie antwoord nie. In plaas daarvan sal Hy Sy gesig in dié tyd vir hulle wegsteek omdat hulle booshede gedoen het.
- 5 So sê יהוה aangaande die profete wat my volk op 'n dwaalspoor lei: "Wanneer hulle iets het om met hulle tande te byt, roep hulle uit: 'Vrede,' maar teen hom wat niks in hulle mond sit nie, verklaar hulle 'n afgesonderde oorlog!'
- 6 Dit sal daarom vir julle nag wees, sonder 'n visioen en duisternis vir julle, sonder waarsêery. Die son sal oor die profete ondergaan en die dag oor hulle donker word.
- 7 Die sieners sal beskaamd staan en die waarsêers verneder word. Hulle sal inderdaad almal hulle monde bedek omdat daar geen antwoord van God is nie."
- 8 Aan die ander kant is ek vol krag, met die Gees van יהוה en met regverdige oordeel en dapperheid, om aan Ya'akov sy rebelse daad bekend te maak en aan Yisra'el sy sonde.

- 9 Hoor nou en gee ag op dit, hoofde van die huis van Ya'akov en heersers van die huis van Yisra'el, wat die regverdige oordeel verafsku en alles wat reguit is, verdraai;
- 10 wat Tziyon bou met bloedvergieting en Yerushalayim met gewelddadige onregverdigheid!
- 11 Haar leiers spreek vonnisse uit vir 'n omkoopgeskenk, haar priesters gee onderrig vir 'n prys en haar profete is waarsêers vir geld. ^{Deut 16:19} Nogtans steun hulle op יהוה en sê: "Is יהוה nie in ons midde nie? Katastrofe sal nie oor ons kom nie;"
- 12 daarom, as gevolg van jou sal Tziyon soos 'n land omgeploeg word, Yerushalayim 'n puinhoop word en die tempelberg hoë plekke van 'n woud. ^{Yir 26:18}
- 4** 1 Dit sal gebeur in die laaste dae dat die berg van die huis van יהוה gevestig sal word as die hoof van die berge. Dit sal bo die heuwels opgelig word en die volke sal daarheen stroom.
- 2 Baie nasies sal kom en sê: "Kom, laat ons opgaan na die berg van יהוה en na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons aangaande Sy lewenswyses kan leer en ons in Sy paaie kan loop," want vanuit Tziyon sal die Wet uitgaan, die boodskap van יהוה vanuit Yerushalayim. ^{Yes 2:2,3; 60:3; 66:23; Yeg 40:2-; Z'kh 14:17-}
- 3 Hy sal oordeel tussen baie volke en besluite maak vir magtige, veraf, nasies. Dan sal hulle hul swaarde in ploegskare smee en hulle spiese in snoeimesse; nasie sal nie die swaard optel teen nasie nie en nooit weer sal hulle oefen vir oorlog nie.
- 4 Elkeen van hulle sal sit onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, met niemand om hulle bang te maak nie, want die mond van יהוה-Tzva'ot het gepraat.
- 5 Alhoewel al die volke optree, elkeen in die naam (karakter en outoriteit) van sy god, wat óns betref, ons sal lewe in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, ons God, vir ewig en ewig.
- 6 "In daardie dag," verklaar יהוה, "sal Ek die kreupeles laat vergader en hulle wat weggedryf was, bymekaarmaak, selfs die wat Ek geteister het. ^{Deut 30:3-5}
- 7 Ek sal die wat kreupel is, laat oorbly en die uitgeworpenes tot 'n sterk nasie maak en יהוה sal heers oor hulle op die berg Tziyon, van nou af en vir ewig.
- 8 Wat jou betref, toring van die trop, heuwel van die dogter van Tziyon, die koninkryk van die dogter van Yerushalayim, na jou toe sal dit kom, selfs die vroeëre oorheersing sal kom.
- 9 Nou, waarom roep jy hardop uit? Is daar geen koning in jou nie, of het jou raadgewer omgekom dat smart jou aangegryp het soos vir 'n vrou wat geboorte gee?
- 10 Krimp inmekaar en werk om geboorte te gee, dogter van Tziyon, soos 'n vrou wat geboorte gee, want nou sal jy uit die stad uitgaan, in die veld bly en na Bavel gaan. Daar sal jy gered word; dáár sal יהוה jou loskoop uit die hand van jou vyande.
- 11 Nou is daar baie nasies teen jou versamel wat sê: 'Laat haar onteer word en laat ons oë lekker kry oor Tziyon.'
- 12 Hulle ken egter nie die gedagtes van יהוה nie en hulle verstaan nie Sy doel nie, want Hy sal hulle soos gerwe vir die dorsvloer versamel.
- 13 Staen op en dors, o dogter van Tziyon, want Ek sal jou horing yster maak en jou hoewe koper sodat jy baie volke kan fyn trap; dat jy hulle onregverdige wins aan יהוה kan toewy en hulle rykdom aan die Meester van die hele aarde.

14 Nou, roep jouself op in 'n aanval, o dogter van magtige aanvallers; hulle het ons beleër en die herder van Yisra'el op die wang geslaan met 'n stok.

5 1 Wat jou egter betref, Beit-Legem Efrat, klein onder die families van Y'hudah, vanuit jou sal daar vir My Een uitgaan om Heerser in Yisra'el te wees. Hy het reeds lank terug uitgegaan, vanaf die dae van die ewigheid;" ^{Yeg 37:24,25; Yog 1:1; 7:42}

2 daarom sal Hy hulle opgee tot op die tyd wanneer sy wat in kraam is geboorte gee aan 'n kind, ^{Open 12:5} dan sal Sy oorblywende broers terugkeer na die seuns van Yisra'el.

3 Hy sal opstaan en Herder wees in die sterkte van יהוה, in die majesteit van die Karakter en Outoriteit van יהוה, Sy God en hulle sal bly, want in daardie tyd sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde. ^{Mat 2:6}

4 Hierdie Een sal ons Vrede, Vreugde, Gesondheid, Voorspoed en Vergenoegdheid wees. Wanneer Ashur ons land inneem, wanneer hy op ons kastele trap, dan sal ons sewe herders en agt leiers van manne teen hom op lig.

5 Hulle sal met die swaard oor die land Ashur, die land van Nimrod, by sy ingange herder wees en Hy sal ons van Ashur bevry, wanneer hy ons land aanval en ons grondgebied vertrap,

6 dan sal die wat van Ya'akov oorbly onder baie volke wees soos dou vanaf יהוה, soos reënbuie op plante, wat nie vir die mens wag of vertoef vir die seuns van die mens nie.

7 Die wat oorbly van Ya'akov sal tussen die nasies, onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy verbytrek, vertrap en verskeur en daar is niemand wat red nie.

8 Jou hand sal teen jou teëstanders opgelig wees en al jou vyande sal afgesny word."

9 "Dit sal wees in daardie dag," verklaar יהוה, "dat Ek jou perde tussen jou uit sal afsny en jou strydwaens vernietig.

10 Ek sal ook die stede van jou land afsny en al jou vestings afbreek.

11 Ek sal towerye uit jou hand afsny en jy sal geen fortuinvertellers meer hê nie.

12 Ek sal jou gekerfde beelde en jou klippilare van tussen jou uit afsny sodat jy jou nie langer sal neerbuig voor die werk van jou hande nie.

13 Ek sal die Asherah beelde ontwortel uit jou midde en jou stede vernietig.

14 Ek sal wraak uitoefen in woede en toorn op die nasies wat nie gehoorsaam was nie."

6 1 Hoor en gee nou ag op wat יהוה sê: "Staan op, pleit jou saak voor die berge en laat die heuwels jou stem hoor.

2 Luister, julle berge, na die aanklag van יהוה en julle standvastige fondasies van die aarde, want יהוה het 'n saak teen Sy volk; Hy sal selfs met Yisra'el verskil.

3 My volk, wat het Ek aan jou gedoen en hoe het Ek jou vermoei? Antwoord My!

4 Inderdaad, Ek het jou uit die land van Mitzrayim gebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop en Ek het Mosheh, Aharon en Miryam voor jou uitgestuur.

5 My volk, onthou nou wat Balak, koning van Mo'av beplan het en wat Bil'am, die seun van B'or, hom geantwoord het, vanaf Sheetim tot by Gilgal sodat jy die onpartydige en opregte dade van יהוה kan ken."

- 6 Waarmee sal ek na יהוה toe kom en my neerbuig voor die God daar bo? Sal ek na Hom toe kom met brandoffers, met kalwers in hul eerste jaar?
- 7 Skep יהוה behae in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my rebelse dade, die vrug van my liggaam vir die sonde van my lewe?
- 8 O mens, Hy het aan jou verklaar wat goed is en wat vra יהוה anders van jou as om regverdig te oordeel, goedheid lief te hê en nederig saam met jou God te loop? ^{Mat 11:29}
- 9 Die stem van יהוה sal tot die stad roep en dit is suiwer wysheid om U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol te vrees: "Hoor en gee ag, o stam, Hy wat teen jou getuig.
- 10 Is daar steeds 'n man in die bose huis, met skatte van boosheid en 'n kort maatstaf van misleiding?
- 11 Kan Ek bose weegskale regverdig en 'n sak vol bedrieglike gewigte?
- 12 Die rykes in die stad is vol geweld, haar inwoners praat leuens en hulle tonge is misleidend in hulle monde.
- 13 So sal Ek jou ook siek maak, jou neerslaan, jou verwoes weens jou sondes.
- 14 Jy sal eet, maar nie versadig word nie en jou slegtigheid sal tussen jou wees. Jy sal probeer wegsit vir bewaring, maar jy sal niks bewaar nie en dit wat jy bewaar sal Ek aan die swaard oorgee.
- 15 Jy sal saai, maar nie maai nie; jy sal olywe uittrap, maar jouself nie met olie salf nie; die druiwe pars, maar jy sal nie wyn drink nie.
- 16 Die instellings van 'Omri word onderhou en al die werke van die huis van Ag'av word nagekom en julle loop ooreenkomstig hulle planne; daarom sal Ek julle oorgee tot verwoesting en jou inwoners tot bespotting en julle sal die spot van My volk dra."
- 7** 1 Wee my, want ek is soos die vrugteplukkers, soos die wat druiwe oes. Daar is nie 'n tros druiwe om te eet of 'n vroeë vy wat ek begeer nie.
- 2 Die goedhartige persoon het uitgesterf uit die land en daar is geen opregte persoon onder die mense nie. Hulle lê almal en wag op bloedvergieting; elkeen jag die ander met 'n net. ^{Mat 10:21}
- 3 Hulle hande staan gereed om boos te doen en hulle doen nooit goed nie. Die goewerneur vra vir goud, die regter vir 'n omkoopgeskenk en die prins spreek die begeerte van sy lewe uit.
- 4 Die beste van hulle is soos 'n doringstruik, die mees opregte soos 'n doringheining. Die dag wanneer jy jou wagte uitsit, sal jou straf kom. Dan sal jou verwarring plaasvind.
- 5 Moenie op 'n naaste vertrou nie; moenie vertrou in 'n vriend hê nie. Bewaar jou lippe teenoor haar wat teen jou bors lê, ^{Mat 10:21}
- 6 want die seun behandel sy vader met minagting, die dogter staan op teen haar moeder, skoonogter teen haar skoonmoeder; ^{Mat 10:36; Luk 12:53} 'n man se vyande is van sy eie huishouding.
- 7 Wat my egter betref, ek sal met verwagting uitkyk vir יהוה; ek sal wag vir die God van my verlossing. My God sal my hoor.

- 8 Moenie bly wees oor my nie, o my vyand. Alhoewel ek val, sal ek opstaan; alhoewel ek in duisternis loop, is יהוה 'n Lig vir my. ^{Ps 119:105}
- 9 Ek sal die verontwaardiging van יהוה dra, want ek het teen Hom gesondig totdat Hy my saak verdedig en my regverdig oordeel. Hy sal my uitbring na die Lig en ek sal Sy onpartydige opregtheid sien;
- 10 dan sal my vyand dit sien en skaamte sal haar bedek wat vir my gesê het: “Waar is יהוה, jou God?” My oë sal na haar kyk; in daardie tyd sal sy vertrap word soos die slik van die strate.
- 11 Daar kom 'n dag om jou mure te herbou! Op daardie dag sal jou grense uitgebrei word.
- 12 Dit sal 'n dag wees dat hulle na jou toe sal kom vanaf Ashur en vanaf die stede van Mitzrayim, vanaf Mitzrayim selfs tot by die Eufraat, selfs van see tot see en van berg tot berg.
- 13 Die aarde sal verlate word vanweë sy inwoners, as gevolg van die vrug van hulle dade.
- 14 Wees 'n Herder vir U volk met U septer, die kudde van U erfenis wat by hulleself in die bosveld bly in die middel van 'n vrugbare veld. Laat hulle wei in Bashan en Gil'ad soos in die ou dae.
- 15 “Soos in die dae toe jy uit die land van Mitzrayim gekom het, sal Ek vir jou wonderwerke wys.”
- 16 Nasies sal dit sien en skaam wees vir al hulle mag. Hulle sal die hand op die mond lê, hulle ore sal doof wees.
- 17 Hulle sal die stof lek soos 'n slang, soos reptiele van die aarde. Hulle sal bewend uit hulle vestings kom; hulle sal sidderend na יהוה, ons God, toe kom en sal bang wees voor U.
- 18 Wie is 'n God soos U, wat die onregverdigheid vergewe en die rebelse dade laat verbygaan van hulle wat oorbly van Sy besitting? Hy behou nie Sy woede vir ewig nie, want Hy verheug Homself in onveranderlike liefde.
- 19 Hy sal weer liefdevolle omgee vir ons hê; Hy sal ons onregverdigheede onder Sy voet vertrap. Ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see gooi.
- 20 U sal waarheid gee aan Ya'akov en onveranderlike liefde aan Avraham, soos wat U aan ons vaders met 'n eed belowe het vanaf die ou dae.

Die een-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sestiende boek van die Profete

Die tiende boek van die Latere Profete

Die sewende boek van die twaalf

Nagum

(Nahum)

נַחֻם - vertroosting

Die boek is tussen die jare 610 - 607 voor Yeshua deur
Nagum, (Nag 1:1), inwoner van Elkosh, geskryf.

- 1 1 Die profetiese visioen oor Ninveh. Die boekrol van die visioen van Nagum, die Elkoshiet.
- 2 'n Jaloerse en wraaknemende God is יְהוָה; יְהוָה is wraaknemend en toornig. יְהוָה neem wraak op Sy teëstanders en Hy reserveer toorn vir Sy vyande.
- 3 יְהוָה is stadig om kwaad te word en groot van krag en יְהוָה sal nooit die bose vrysprek nie. Eks 34:6; Yo' 2:13; Yon 4:2; Ps 145:8; Neg 9:17 יְהוָה se pad is in die warrelwind en storm en wolke is die stof onder Sy voete.
- 4 Hy bestraf die see en maak dit droog; Hy droog al die riviere op. Bashan en Karmel kwyn weg en die bloeisels van L'vanon verwelk.
- 5 Die berge skud in Sy Teenwoordigheid en die heuwels breek los. Die aarde bewee in Sy Teenwoordigheid, ja, die wêreld en almal wat daarin woon.
- 6 Wie kan staan voor Sy verontwaardiging? Wie kan die branding van Sy toorn verdra? Sy toorn word uitgegiet soos vuur en die rotse word deur Hom opgebreek.
- 7 יְהוָה is goed, 'n Vesting in die dag van moeilikheid en Hy ken die wat by Hom skuil, 2 Tim 2:19
- 8 maar met 'n oorstromende vloed sal Hy 'n volkome einde maak aan die plek van Sy vyande en duisternis sal Sy vyande agtervolg.
- 9 Wat julle ook al beraam teen יְהוָה, Hy sal 'n volledige einde maak daaraan. Moeilikheid sal nie twee maal opstaan nie.
- 10 Soos ineengevlegte dorings en soos hulle wat dronk is van hulle drank, is hulle verteer, soos stoppels volkome verwelk.
- 11 Vanuit jou het een uitgegaan wat boosheid teen יְהוָה beraam het, 'n bose raadgewer.
- 12 So sê יְהוָה: "Alhoewel hulle vol sterkte is en ook baie, nogtans sal hulle afgesny word en vergaan. Alhoewel Ek jou beproef het, sal Ek jou nie meer beproef nie.
- 13 Nou sal Ek sy juk van jou af verbreek en jou stroppe afskeur."
- 14 יְהוָה het 'n bevel uitgevaardig aangaande jou: "Jou naam sal nie langer verewig word nie. Ek sal afgod en beeld uit die huis van jou gode uitroei. Ek sal jou graf voorberei, want jy is veragtelik."
- 2 1 Let op, op die berge is die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid aankondig! Vier jou vasgestelde feeste, o Y'udah; betaal jou geloftes, want die bose sal nooit weer teen jou oortree nie, want hy is volkome vernietig!
- 2 Die een wat verwoes, het teen jou opgekom. Beman die vesting, hou die pad dop; versterk jou rug, maak al jou sterkte bymekaar,
- 3 want יְהוָה sal die lof en eer van Ya'akov herstel soos die lof en eer van Yisra'el, alhoewel verwoesters hulle verwoes en hulle wingerde vernietig het.
- 4 Die skilde van sy magtige manne is rooi, die soldate is aangetrek in skarlaken, die strydwaens is in skitterende staal wanneer hy gereed is en die sipresspiese word geswaai.
- 5 Die strydwaens jaag wild in die strate, hulle snel wild voort oor die pleine; hulle voorkoms is soos fakkels, hulle skiet heen en weer soos weerligstrale.

- 6 Hy onthou sy vername manne; hulle struikel in hul mars; hulle hardloop na haar muur en die skerm word opgerig.
- 7 Die poorte van die stede word oopgemaak en die paleis smelt weg.
- 8 Dit is bevestig: sy word gestroop, sy word weggevoer en haar slavinne kla soos die klank van duiwe, slanend op hulle borste.
- 9 Alhoewel Ninveh soos 'n poel water was regdeur haar dae, nou vlug hulle: "Stop, stop," maar niemand draai terug nie.
- 10 Plunder die silwer! Plunder die goud, want daar is geen einde aan die skatte nie; rykdom van elke soort begeerlike voorwerp!
- 11 Sy is leeg gemaak! Ja, sy is verlate en verwoes! Binnestes smelt en knieë klap, ang is in die hele liggaam en al die gesigte word bleek!
- 12 Waar is die lêplek van die leeu en die voedingsplek van die jong leeu, waar die leeu, die leeuwyfie en die welpies rondgeloop het met niks wat hulle steur nie?
- 13 Die leeu het genoeg vir sy kleintjies verskeur, genoeg vir sy leeuinne doodgemaak en sy lêplekke met prooi gevul en sy blyplekke met verskeurde vleis.
- 14 "Let op, Ek is teen jou," verklaar יהוה-Tzva'ot. "Ek sal jou strydwaens in rook laat opgaan, 'n swaard sal jou jong leeu verslind; Ek sal jou prooi afsny van die land af en die stem van jou boodskappers sal nie meer gehoor word nie."
- 3** 1 Wee die bloederige stad, volledig vol leuens en plunder; haar prooi gaan nooit weg nie;
- 2 die klank van die sweep, die klank van die gedreun van wiele, perde in galop en strydwaens wat rondspreng;
- 3 stormende ruiters, flitsende swaarde, blinkende spiese; baie neergeslaan, hope lyke en ontelbare dooie liggame; hulle val oor die dooie liggame!
- 4 Dit is as gevolg van die baie hoererye van die hoer, die bekoorlike een, die meesteres van towerkunste, wat nasies met haar hoererye verkoop en families met haar towerkunste.
- 5 Let op, Ek is teen jou," verklaar יהוה-Tzva'ot; "en Ek sal jou rompe ophang oor jou gesig en aan die nasies jou naaktheid wys en aan die koninkryke jou skande.
- 6 Ek sal vuilgoed op jou gooi, jou walglik maak en van jou 'n skouspel maak.
- 7 Dit sal gebeur dat elkeen wat jou sien, van jou af sal wegvlug en sê: "Ninveh is vernietig! Wie sal oor haar treur? Waar sal ek troosters vir jou soek?"
- 8 Is jy beter as No-Amon wat langs die waters van die Nyl geleë was, met water rondom haar; wie se skans die see was, wie se muur die see was?
- 9 Kush was haar mag en ook Mitzrayim, sonder perke. Put en Luvim was tussen haar helpers.
- 10 Nogtans het sy 'n balling geword, sy het in gevangenskap gegaan; ook haar klein kindertjies is op elke straathoek in stukke geslaan; hulle het die lot gewerp vir haar edelmanne en al haar groot manne is met kettings geboei.
- 11 Ook jy sal dronk word, versluierd wees. Jy sal ook 'n toevlug soek van die vyand.
- 12 Al jou vestings is vyebome met ryp vye; wanneer geskud word, val hulle in die mond van die eter.

- 13 Let op, jou volk in jou midde is soos vroue. Die poorte van jou land is wyd oopgemaak vir jou vyande; vuur het jou poortgrendels verteer.
- 14 Trek vir jou water op vir die beleëring! Versterk jou vestings! Gaan in die klei in en trap die klei, gryp die steenvorm.
- 15 Vuur sal jou daar verteer, die swaard sal jou neervel; dit sal jou verslind soos die sprinkane. Vermenigvuldig jouself soos die voetgangerssprinkaan, vermenigvuldig jouself soos die treksprinkane.
- 16 Jy het jou handelaars vermeerder, meer as die sterre aan die hemel; die voetgangerssprinkaan vervel en vlieg weg!
- 17 Jou wagers is soos treksprinkane en jou amptenare is soos swerms sprinkane wat op 'n koue dag op die klipmure sit. Die son kom op en hulle vlug en niemand weet waar hulle is nie.
- 18 Jou herders slaap, o koning van Ashur; jou edeles lê plat. Jou volk is op die berge verstrooi en daar is niemand om hulle weer bymekaar te maak nie.
- 19 Daar is niemand om te treur oor jou wond nie; jou wond is ongeneeslik; almal wat van jou hoor, sal hulle hande klap oor jou, want oor wie het jou boosheid nie voortdurend gekom nie?

Die twee-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sewentiende boek van die Profete

Die elfde boek van die Latere Profete

Die agste boek van die twaalf

Havakkuk

(Habakuk)

חבקוק - omhels

Die boek is tussen die jare 600 - 590 voor Yeshua deur
Havakkuk, (Hav 1:1), geskryf.

- 1 Die profetiese visioen wat Havakkuk, die profeet, gesien het:
- 2 Hoe lank, o יהוה, sal ek om hulp roep en U hoor nie? Ek roep uit tot U: “Geweld!” Tog red U nie.
- 3 Waarom laat U my onregverdigheid sien en laat my kyk na boosheid? Ja, verwoesting en geweld is voor my; daar is stryd en twis styg op;
- 4 daarom word die wet geïgnoreer en die regverdige oordeel word nooit toegepas nie, want die bese omsingel die regverdige; daarom kom die reg verdraaid uit.
- 5 “Kyk na die nasies! Neem waar! Wees verstom, verbaas, want Ek doen iets in julle dae wat julle nie sou glo as dit vertel word nie, ^{Hand 13:41}
- 6 want let op, Ek hef die Kasdeërs op, daardie woeste en voortvarende volk wat oral oor die aarde marsjeer om blyplekke te vat wat nie hulle s’n is nie.
- 7 Hulle is verskriklik en gevreesd; hulle oordeel en outoriteit kom uit hulleself.
- 8 Hulle perde is vinniger as luiperds en yweriger as wolwe in die aand. Hulle ruiters kom op ’n galop, hulle kom van ver; hulle vlieg soos ’n arend wat afduik om te verslind.
- 9 Hulle kom almal vir geweld. Hulle hordes van gesigte kom vorentoe, hulle versamel gevangenes soos sand.
- 10 Hulle dryf die spot met konings; heersers is vir hom ’n lagwekkendheid. Hulle lag vir elke vesting en hoop grond op om dit in te neem,
- 11 dan gly hulle deur soos die wind en gaan verder, maar hulle sal skuldig bevind word, hulle wie se krag hulle god is.”
- 12 Is U dan nie van ewig af nie, o יהוה, my God, my Afgesonderde Een? Ons sal nie sterf nie. U, יהוה, het hulle aangestel om te oordeel en U, o Rots, het hulle daar gestel om te korrigeer.
- 13 U oë is te rein om boosheid goed te keur en U kan nie met aanvaarding kyk na boosheid nie. Waarom kyk U met aanvaarding na hulle wat verraderlik optree? Hoekom is U stil wanneer die bese dié verslind wat regverdiger is as hulle?
- 14 Hoekom maak U mense soos die visse van die see, soos kruipende gediertes sonder ’n heerser oor hulle?
- 15 Hulle trek hulle almal op met ’n hoek, sleep hulle weg in hul net en maak hulle bymekaar in hul visnet; daarom swaai hulle in die rondte van vreugde en is bly;
- 16 daarom offer hulle ’n offer aan hul net en brand wierook vir hul visnet omdat hulle vangs groot is deur hierdie dinge en hulle kos oorvloedig.
- 17 Gooi hulle daarom voortdurend hul nette uit en maak nasies dood sonder om te spaar?
- 2 Ek sal op my wagpos staan en myself op die skansmuur sit en ek sal wag hou om te sien wat Hy met my sal praat en hoe ek kan antwoord as ek berispe word.
- 2 Toe antwoord יהוה my en sê: “Skryf die visioen op en graveer dit op kliptablette sodat die een wat dit lees kan hardloop,
- 3 want die visioen is nog vir die vasgestelde tyd; dit spoed voort na die doel en sal nie faal nie. Alhoewel dit mag vertoef, wag daarvoor, want dit sal sekerlik kom en nie uitgestel word nie.

- 4 Let op, Hy vind geen plesier in die onregverdige, maar die regverdige sal deur vertroue leef. Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:38; 11:1
- 5 Die arrogante en gierigaard word nooit bevredig nie, want hy vergroot sy eetlus soos Sh'ol en soos die dood word hy nooit versadig nie. Hy vergader by homself al die volke en maak vir homself al die nasies bymekaar.
- 6 Sal hulle nie almal 'n spotlied en spreekwoord oor hom aanhef nie en sê: 'Wee die man wat bymekaarmaak en vermeerder wat nie syne is nie; vir hoe lank sal hy homself oorlaai met aardse besittings?'
- 7 Let op, jou skuldeisers sal skielik opstaan en dié wat by jou invorder wakker maak. Inderdaad sal jy vir hulle buit word.
- 8 Omdat jy baie nasies besteel het, sal al die volke wat oorgebly het, as gevolg van die menslike bloedvergieting en die geweld wat teen die land gedoen is, teen die stad en al sy inwoners, jou besteel.
- 9 Wee hom wat vuil wins maak vir sy huis, om sy nes hoog te bou, om gered te word uit die hand van katastrofe.
- 10 Jy het 'n skandelijke ding vir jou huis uitgewerk deur baie mense dood te maak; so het jy teen jouself gesondig.
- 11 Die steen sal sekerlik uitroep van die muur af en die spyker sal dit antwoord vanaf die hout.
- 12 Wee hom wat 'n stad bou met bloedvergieting en 'n dorp vestig deur geweld!
- 13 Is dit nie inderdaad vanaf יהוה -Tzva'ot dat volke hard werk vir vuur en nasies hulle vermoei vir niks nie?
- 14 Die aarde sal vol word met die kennis van die lof en eer van יהוה soos die waters die see oordek.
- 15 Wee jou wat jou naaste laat drink, wat jou gif inmeng om hulle dronk te maak om sodoende na hulle naaktheid te kyk!
- 16 Jy sal met skande gevul word eerder as met lof en eer. Drink jy nou self en steier. Die beker in יהוה se regterhand sal by jou uitkom en skande sal jou eer en lof bedek,
- 17 want die geweld teen L'vanon sal jou oorweldig en die verwoesting van sy diere sal jou verskrik, as gevolg van die menslike bloedvergieting, die geweld van die land, van die stad en van al sy inwoners.
- 18 Watter voordeel het die afgod wanneer sy maker dit gekerf het? Die gegote beeld is 'n leraar van valsheid, want sy maker vertrou op sy eie handewerk wanneer hy stom afgode vorm.
- 19 Wee hom wat vir 'n stuk hout sê: 'Word wakker!' Vir 'n stom klip: 'Staan op!' Is dit jou leermeester? Let op, dit is oorgetrek met goud en silwer en daar is géén asem van watter aard daarin nie!
- 20 יהוה is egter in Sy afgesonderde tempel. Laat die hele aarde stil wees voor Hom."
- 3** 1 'n Gebed van Havakkuk, die profeet, volgens Shigiyonot ('n vurige loflied):
 2 יהוה, ek het die verslag aangaande U gehoor en ek vrees! O, יהוה, laat herleef U werk te midde van die jare; te midde van die jare, maak dit bekend; in toorn, onthou onverdiende guns.

- 3 God kom van Teman en die Afgesonderde Een vanaf die berg Pa'ran.
Sy grootsheid bedek die hemele en die aarde is vol van Sy lofprysing.
- 4 Sy glans is soos die sonlig; Hy het strale vanuit Sy hand en daar is die bedekking van Sy krag.
- 5 Voor Hom gaan die pes uit en 'n plaag kom agter Hom aan.
- 6 Hy het gaan staan en die aarde opgemeet; Hy het gekyk en die nasies verskrik.
Ja, die ewige berge is verpletter, die antieke heuwels inmekaar geval. Sy paaie is ewigdurend.
- 7 Ek het die tente van Kushan onder benoudheid gesien, die tentdoeke van die land van Midyan het gebewe.
- 8 Was יְהוָה toornig teen die riviere? O, was U woede teen die riviere of was U toorn teen die see dat U op U perde gery het, op U strydwaens van verlossing?
- 9 U boog is ontbloot, die stawwe van tugtiging is besweer.
U het die aarde gekloof met riviere.
- 10 Die berge het U gesien en het gebewe; die neerslag van water het verbygespoel.
Die ondergrondse waters verhef sy stem, dit steek sy hande hoog op.
- 11 Son en maan het in hul plekke bly staan; hulle het weggegaan in die lig van U pyle, in die helderheid van U glansende spies.
- 12 In verontwaardiging het U deur die aarde marsjeer; in woede het U die nasies vertrap.
- 13 U het uitgegaan vir die redding van U volk, vir die redding van U gesalfde. U het die kop van die huis van die bose geslaan om hom bloot te lê vanaf heup tot nek.
- 14 U deurboor die koppe van sy menigtes met hul eie spiese. Hulle het ingestorm om ons te verstrooi; hulle gejuig was soos hulle wat die onderdruktes in die geheim verslind.
- 15 U het die see vertrap met U perde, op die deining van baie waters.
- 16 Ek het gehoor en my ingewande het gebewe, by die klank het my lippe getril.
Verderf het my gebeente ingegaan en ek het gebewe waar ek was omdat ek stil moet wag, op die dag van benoudheid, vir die mense wat ons sal inval om op te staan.
- 17 Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, ^{Yir 8:13} die drag van die olyfboom faal en die lande geen kos produseer nie; die kleinvee uit die kraal afgesny word en daar geen beste in die krale sal wees nie,
- 18 nogtans sal ek jubel in יְהוָה, ek sal in die rondte swaai van vreugde in die God van my verlossing.
- 19 יְהוָה-God is my Sterkte en Hy het my voete gemaak soos dié van herte ^{Ps 18:33,34} en my laat staan op my hoë plekke om met snaarinstrumente ^{Iyov 19:25-27; Neg 8:10} Sy lof te besing.

Die drie-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die agtiende boek van die Profete

Die twaalfde boek van die Latere Profete

Die negende boek van die twaalf

Tz'fanyah (Sefanja)

יהוה - צפניה het waardevol geag

Die boek is deur Tz'fanyah, (Tz' 1:1), tussen die jare 639
- 608 voor Yeshua geskryf.

- 1 1 Die boodskap van יהוה wat gekom het tot Tz'fanyah, die seun van Kushi, die seun van G'dalyah, die seun van Amaryah, die seun van Hizkiyah, in die dae van Yoshiyahu, die seun van Amon, koning van Y'hudah:
- 2 "Ek sal alles volkome van die aardbodem af verwyder," verklaar יהוה.
- 3 Ek sal mens en dier verwyder; Ek sal die voëls van die hemel, die visse van die see en die wat geval het saam met die goddelose verwyder en Ek sal die mens afsny van die oppervlak van die aarde af," verklaar יהוה.
- 4 So sal Ek My hand uitstrek teen Y'hudah en teen al die inwoners van Yerushalayim. Ek sal ook die wat van Ba'al oorbly afsny van hierdie plek, sowel as die naam van die afgodspriesters saam met die priesters.
- 5 Dié wat op die dakke neerbuig tot die magte van die hemel en die wat neerbuig en sweer by יהוה en by Malkam;
- 6 ook dié wat daarvan weggedraai het om יהוה te volg en wat nie na יהוה soek of Hom raadpleeg nie.
- 7 Swyg voor יהוה-God, want die dag van יהוה is naby, want יהוה het 'n offer voorberei, Hy het Sy gaste afgesonder, ^{1 Thes 5:2}
- 8 dan sal dit gebeur op die dag van יהוה se offer dat Ek die prinse, die koning se seuns en almal wat vreemde klere aantrek, sal straf. ^{Mat 22:11,12; Open 16:15; Open 19:8}
- 9 Ek sal ook op dié dag almal wat geweld pleeg en plunder, wat die huis van hulle Meester vul met dinge wat verkry is deur afpersing en geweld, straf.
- 10 Op daardie dag," verklaar יהוה, "sal daar vanaf die Vispoort die klank van 'n uitroep wees, 'n gehuil vanaf die Tweedepoort en 'n groot geraas vanaf die heuwels!
- 11 Huil, o inwoners van die Laagte, want al die mense van Kena'an sal stilgemaak word; almal wat silwer afweeg sal afgesny word.
- 12 Dit sal in dié tyd gebeur dat Ek Yerushalayim sal deursoek met lampe en die manne wat stagnant van gees is, wat in hulle verstand, wil en emosie sê: 'יהוה sal nie goed of boos doen nie,' straf.
- 13 Meer nog, hulle rykdom sal buit word en hulle huise verlate; ja, hulle sal huise bou, maar nie in hulle woon nie en wingerde plant, maar nie hulle wyn drink nie."
- 14 Naby is die groot dag van יהוה, selfs die stem van die dag van יהוה; dit is naby en haas hom! Ja, dit is bitter, erg en hard. ^{1 Thes 5:2}
- 15 Dié dag is 'n dag van toorn, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van verwoesting en verlatenheid, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en dik donkerheid,
- 16 'n dag van ramshorings en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoektorings.
- 17 Ek sal benoudheid op mense bring sodat hulle soos blindes sal loop omdat hulle teen יהוה gesondig het en hulle bloed sal uitgegooi word soos stof en hulle vlees soos drek.
- 18 Nie hulle silwer of hulle goud sal in staat wees om hulle op die dag van die toorn van יהוה te red nie en die ganse aarde sal verteer word in die vuur van Sy jaloesie, want Hy sal 'n volkome einde maak, inderdaad 'n verskriklike een, aan al die inwoners van die aarde. ^{Open 6:17}

- 2** 1 Maak julleself bymekaar, ja kom bymekaar, o nasie sonder skaamte,
 2 voordat die bevel effektief word; die dag gaan verby soos kaf; voordat die brandende woede van יהוה oor julle kom, voordat die dag van die woede van יהוה oor julle kom.
- 3 Soek יהוה, al julle nederiges van die aarde, wat regverdige oordeel uitgevoer het; soek onpartydige opregtheid, soek nederigheid. Miskien sal julle skuiling vind op die dag van יהוה se woede,
- 4 want 'Azah sal in die steek gelaat word en Ashkelon 'n verlatenheid wees; Ashdod sal op die middag uitgedryf word en Ekron sal ontwortel word.
- 5 Wee die inwoners van die kuststreek, die nasie van die K'retiërs! Die boodskap van יהוה is teen julle, Kena'an, land van die F'lishtyne en Ek sal jou vernietig sodat daar geen inwoner sal wees nie.
- 6 So sal die seekus weiveld wees, met grotte vir herders en krale vir troppe.
- 7 Die kus sal wees vir dié van die huis van Y'hudah wat oorgebly het, hulle sal daarop wei. In die huise van Ashkelon sal hulle in die aand gaan lê, want יהוה, hulle God, sal vir hulle sorg en hulle voorspoed herstel.
- 8 Ek het die gespot van Mo'av gehoor en die skimpe van die seuns van 'Ammon, waarmee hulle My volk gespot het en arrogant teen hulle gebied geword het;
- 9 daarom, so waar as Ek leef," verklaar יהוה-Tzva'ot, die God van Yisra'el: "Mo'av sal wees soos S'dom en die seuns van 'Ammon soos 'Amorah; 'n plek oorgeneem deur brandnetels en soutpanne en 'n ewige verlatenheid. Die wat van My volk oorbly, sal hulle plunder en dié wat van My nasie oorbly, sal hulle erf."
- 10 Dit sal hulle kry in antwoord op hul trotsheid, want hulle het gespot met en het arrogant geword teen die volk van יהוה-Tzva'ot.
- 11 יהוה sal verskriklik wees teen hulle, want Hy sal al die gode van die aarde laat uithonger en al die kuslande van die nasies sal voor Hom neerbuig, elkeen vanaf sy plek.
- 12 "Ook julle, o Kushiëte, sal neergeslaan word deur My swaard."
- 13 Hy sal Sy hand uitstrek teen die Noorde, Ashur vernietig en Ninveh tot 'n verlatenheid maak, geskroei soos die wildernis.
- 14 Troppe vee sal binne-in haar lê, alle gediertes wat in troppe loop; beide die pelikaan en die reier sal op sy pilaartoppe bly; voëls sal in die vensters sing; verwoesting sal op die drumpel wees, want Hy het die sederwerk kaal gestroop.
- 15 Hierdie is die juigende stad wat veilig bly, wat in haar binneste sê: "Ek is en daar is niemand anders nie!" Hoe het sy 'n verlatenheid geword, 'n rusplek vir wilde diere! Almal wat by haar verbygaan sal spot en sy hand waai in veragting.
- 3** 1 Wee haar wat rebels en onteer is, die stad van Yonah.
- 2 Sy het na geen stem geluister nie, sy het geen dissipline aanvaar nie. Sy het nie op יהוה vertrou nie, sy het nie nadergekom na haar God toe nie.
- 3 Haar prinse binne-in haar is brullende leeus; haar regters is wolwe in die aand; hulle los niks vir die oggend nie.
- 4 Haar profete is ligsinnige, onbetroubare manne; haar priesters het die afgesonderde plek onteer. Hulle het die wet verkrag.

- 5 יהוה is regverdig binne-in haar; Hy sal geen onregverdige oordeel vel nie; elke oggend laat Hy Sy regverdige oordeel aan die lig kom, Hy faal nie, maar die onregverdige ken geen skaamte nie.
- 6 “Ek het nasies afgesny; hulle hoektorings is verwoes. Ek het hulle strate verlate gemaak, met niemand wat verbygaan nie; hulle stede is verwoes, sonder 'n mens, sonder 'n inwoner.
- 7 Ek het gesê: ‘Jy sal My sekerlik respekvol vrees, van My dissipline aanvaar.’ Haar blyplek sal nie afgesny word nie, volgens alles wat Ek aangaande haar aangestel het nie, maar hulle was ywerig om al hulle dade korrupt te maak;
- 8 daarom, wag vir My,” verklaar יהוה, “vir die dag wat Ek opstaan as 'n Getuie. Inderdaad, My besluit is om nasies te versamel, koninkryke te vergader om My verontwaardiging op hulle uit te gooi, al My brandende woede, want die hele aarde sal deur die vuur van My ywer verteer word,
- 9 want dan sal Ek aan die volke gereinigde lippe gee sodat almal van hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה mag aanroep om Hom skouer teen skouer te dien.
- 10 Vanaf oorkant die riviere van Kush sal My aanbidders, My verstrooides, hulle offers bring.
- 11 Op dié dag sal jy geen skaamte voel weens al jou dade waarmee jy teen My rebelleer het nie, want dan sal Ek jou trotses en die wat hulleself op lig, uit jou midde verwyder en jy sal nooit weer trots wees op My afgesonderde berg nie,
- 12 maar Ek sal 'n nederige en eenvoudige volk tussen jou los en hulle sal in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה vertrou.
- 13 Die wat oorbly van Yisra'el sal niks verkeerd doen en geen leuens vertel nie, daar sal ook nie 'n misleidende tong in hulle mond gevind word nie, want hulle sal wei en neerlê, met niemand om hulle te laat bewoos nie.” Ps 23; Open 14:5
- 14 Roep uit van vreugde, o dogter van Tziyon! Roep uit in triomf, o Yisra'el! Verheug jou en jubel met jou hele verstand, wil en emosie, o dogter van Yerushalayim!
- 15 יהוה het Sy oordeel teen jou weggevat, Hy het jou vyande weggegee. Die Koning van Yisra'el, יהוה, is tussen jou; jy sal nie meer rampe vrees nie.
- 16 In daardie dag sal dit vir Yerushalayim gesê word: “Moenie bang wees nie, o Tziyon; laat jou hande nie swak wees nie!
- 17 יהוה, jou God, is in jou midde 'n magtige Verlosser. Hy sal Hom oor jou verheug met blydschap, Hy sal jou vernuwe met Sy liefde, Hy sal oor jou in die rondte swaai van vreugde.
- 18 Ek sal dié vanuit jou verwyder wat beskuldigings maak teen die aangestelde fees.
- 19 Let op, Ek gaan in dié tyd optree teen al jou onderdrukkers; Ek sal die kreupele red en die wat ver weggestuur was bymekaarmaak en Ek sal hulle skaamte oor die hele aarde verander in lofprijsing en roem.
- 20 In daardie tyd sal Ek julle inbring, in die tyd wanneer Ek julle bymekaarmaak; inderdaad sal Ek vir julle roem en lofprijsing gee onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle voorspoed herstel,” sê יהוה.

Die vier-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die negentiende boek van die Profete

Die dertiende boek van die Latere Profete

Die tiende boek van die twaalf

Haggai

(Haggai)

חגי - Feestelik

Die boek is deur Haggai, (Hag 1:1), in 520 voor Yeshua
geskryf.

- 1 1 In die tweede jaar van Daryavesh, die koning, op die eerste dag van die sesde maand, het die boodskap van יהוה deur die profeet Haggai gekom tot Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, goewerneur van Y'hudah en tot Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en gesê:
- 2 “So sê יהוה-Tzva'ot: ‘Hierdie volk sê: “Die tyd het nog nie gekom nie, die tyd vir die huis van יהוה om herbou te word.””
- 3 Toe het die boodskap van יהוה deur Haggai, die profeet, gekom en gesê:
- 4 “Is dit tyd vir julle om in jul getimmerde huise te bly terwyl hierdie huis in puin lê?”
- 5 Nou, daarom, so sê יהוה-Tzva'ot: “Beskou julle lewenswyses!
- 6 Julle het baie gesaai, maar min geoes; julle eet, maar nie tot versadiging toe nie; julle drink, maar nie om dronk te word nie; julle trek klere aan, maar niemand is warm nie en hy wat verdien, verdien lone om in 'n beursie met gate te sit.”
- 7 So sê יהוה-Tzva'ot: “Beskou julle lewenswyses!
- 8 Gaan op na die berge, bring hout en herbou die tempel sodat Ek daarmee tevrede kan wees en geloof, vereer en aanbid kan word,” sê יהוה.
- 9 Julle kyk na baie, maar let op, dit het nie tot veel gekom nie; wanneer julle dit huis toe vat, blaas Ek dit weg. Waarom?” verklaar יהוה-Tzva'ot. “As gevolg van My huis wat in puin lê terwyl elkeen van julle haastig is om vir sy eie huis te sorg;
- 10 daarom, as gevolg van julle, het die hemel sy dou teruggehou en die aarde sy opbrengs.
- 11 Ek het 'n droogte oor die land uitgeroep, oor die berge, oor die koring, oor die nuwe wyn, oor die olie en oor alles wat die grond oplewer; oor die mense, oor die diere en oor al die arbeid van jou hande.”
- 12 Toe het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en die hele volk wat oorgebly het, die stem van יהוה, hulle God en die woorde van Haggai, die profeet, gehoorsaam, soos יהוה, hulle God, hom gestuur het. Die volk het יהוה respektvol gevrees.
- 13 Toe het Haggai, die boodskapper van יהוה, volgens die opdrag van יהוה met die volk gepraat en gesê: “‘Ek is by julle,’ verklaar יהוה.”
- 14 יהוה het die gees van Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, goewerneur van Y'hudah en die gees van Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en die gees van die volk wat oorgebly het, opgewek en hulle het gekom en gewerk aan die huis van יהוה-Tzva'ot, hulle God,
- 15 op die vier en twintigste dag van die sesde maand, in die tweede jaar van Daryavesh, die koning.

- 2 1 Op die een en twintigste van die sewende maand het die boodskap van יהוה deur die profeet Haggai gekom en gesê:
- 2 “Praat nou met Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, goewerneur van Y'hudah en met Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en met die wat oorgebly het van die volk en sê:
- 3 ‘Wie is oor onder julle wat hierdie huis in sy vroeëre lof en eer gesien het? Hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie vir julle soos niks in vergelyking nie?
- 4 Nou dan, skeep moed Z'rubavel, verklaar יהוה en skeep moed Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester en skeep moed al julle mense van die land, verklaar יהוה, ‘en werk, want Ek is by julle,’ verklaar יהוה-Tzva'ot.
- 5 ‘Wat die belofte betref wat Ek gemaak het toe julle uit Mitzrayim uit gekom het, My Gees bly tussen julle; moenie bang wees nie!’
- 6 Want so sê יהוה-Tzva'ot: “Weer 'n keer, oor 'n kort rukkie, gaan Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond skud. Mat 24:29; Mar 13:25; Luk 21:26; Heb 12:26
- 7 Ek sal al die nasies skud en hulle sal kom met die skatte van al die nasies en Ek sal hierdie huis met lof en eer vol maak, sê יהוה-Tzva'ot.
- 8 ‘Die silwer en die goud is Myne,’ verklaar יהוה-Tzva'ot.
- 9 ‘Die latere lof en eer van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre,’ sê יהוה-Tzva'ot; ‘en in hierdie plek sal Ek vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee,’ sê יהוה-Tzva'ot.”
- 10 Op die vier en twintigste van die negende maand in die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה gekom tot Haggai, die profeet en gesê:
- 11 “So sê יהוה-Tzva'ot: “Vra nou die priesters vir 'n uitspraak:
- 12 ‘As iemand afgesonderde vleis in die vou van sy kleed dra en hy sou aan brood of iets wat gekook is, of wyn of olie of watter spys ook al, raak met sy vou, sal dit afgesonderd word?’” Die priesters het geantwoord: “Nee.”
- 13 Toe sê Haggai: “As iemand wat deur 'n lyk onrein is, aan al hierdie dinge sou raak, sal dit onrein wees?” Die priesters het geantwoord: “Dit sal onrein word.”
- 14 Toe antwoord Haggai: “Só is hierdie volk en só is hierdie nasie in My Teenwoordigheid,’ verklaar יהוה, ‘en só is elke werk van hulle hande en wat hulle dáár offer, onrein.
- 15 Beoordeel egter nou van hierdie dag af terug: voordat 'n steen op 'n ander gelê is in die tempel van יהוה,
- 16 vanaf daardie tyd, wanneer iemand by 'n koringmied van twintig maat gekom het, was daar net tien; wanneer hy by die parskuip gekom het om vyftig mates te skeep, was daar net twintig.
- 17 Ek het julle en al die werk van julle hande swaar getref met stormende winde, muf en hael; nogtans het julle nie na My toe gekom nie,’ verklaar יהוה.
- 18 ‘Gee vanaf die vier en twintigste dag van die negende maand, van hierdie dag af aandag; vanaf die dag dat die tempel van יהוה opgestel is, oorweeg dit.
- 19 Oorweeg dit, want daar is geen saad in die skuur nie en die wingerdstok, die vyeboom tot nou toe, die granaatboom en die olyfboom, het niks opgelewer nie. Nogtans, van hierdie dag af aan sal Ek hulle seën,’ sê יהוה”

- 20 Toe het die boodskap van יהוה vir die tweede keer tot Haggai gekom op die vier en twintigste van die maand en gesê:
- 21 “Praat met Z’rubavel, goewerneur van Y’hudah en sê: “Ek gaan die hemel en die aarde skud. Mar 13:25; Luk 21:26
- 22 Ek sal die trone van koninkryke omverwerp en die krag van die koninkryke van die nasies vernietig en Ek sal die strydwaens en die wat daarop ry, omverwerp en die perde en hulle ruiters sal val, die een deur die swaard van die ander.’
- 23 ‘Op daardie dag,’ verklaar יהוה-Tzva’ot, ‘sal Ek jou vat, Z’rubavel, seun van Sh’alti’el, My dienskneg,’ verklaar יהוה ‘en Ek sal jou maak soos ’n seëlring, want Ek het jou gekies,’” verklaar יהוה-Tzva’ot.

Die vyf-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die twintigste boek van die Profete

Die veertiende boek van die Latere Profete

Die elfde boek van die twaalf

Z'kharyah (Sagaria)

זכריה - יהוה onthou

Die boek is deur Z'kharyah, (Z'kh 1:1), vanaf 520 voor
Yeshua en verder, geskryf.

- 1 1 In die agtste maand van die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה gekom tot Z'kharyah, die profeet, die seun van Berekhyah, die seun van 'Iddo en gesê:
- 2 “יהוה” was baie kwaad vir julle vaders.
- 3 Sê daarom vir hulle: ‘So sê יהוה-Tzva’ot: “Keer terug na My,” verklaar יהוה-Tzva’ot “sodat Ek na julle toe kan terugkeer,” sê יהוה-Tzva’ot. ^{Y'a 4:8}
- 4 “Moenie soos julle vaders wees nie, vir wie die vroeëre profete verklaar en gesê het: ‘So sê יהוה-Tzva’ot: “Draai nou terug van julle bese lewenswyse en julle bese dade,”’ maar hulle het nie geluister of My gehoorsaam nie,” verklaar יהוה.
- 5 Julle vaders, waar is hulle? Die profete, leef hulle vir ewig?
- 6 Het My boodskap en My instellings, wat Ek My knegte, die profete, beveel het, egter nie julle vaders ingehaal nie? Toe het hulle erken en bely en gesê: “Soos יהוה-Tzva’ot Hom voorgeneem het om aan ons te doen volgens ons lewenswyses en ons dade, so het Hy met ons gedoen.”
- 7 Op die vier en twintigste dag van die elfde maand, wat die maand Sh’vat is, in die tweede jaar van Daryavesh, het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah, die profeet, die seun van Berekhyah, die seun van 'Iddo, as volg gekom:
- 8 In die nag het ek gesien en let op, 'n man het op 'n rooi perd gery en hy het gestaan tussen die mirteboom wat in die kloof was, met rooi, bont en wit perde agter hom.
- 9 Toe sê ek: “My meester, wat is hierdie?” Die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord my: “Ek sal jou wys wat hierdie is.”
- 10 Die man wat tussen die mirteboom gestaan het, het geantwoord en gesê: “Hierdie is hulle wat יהוה gestuur het om die aarde te patrolleer.”
- 11 Hulle het die boodskapper van יהוה, wat tussen die mirteboom gestaan het, geantwoord en gesê: “Ons het die aarde gepatrolleer en let op, die hele aarde is vredevol en rustig.”
- 12 Toe het die boodskapper van יהוה gesê: “O יהוה-Tzva’ot, hoe lank sal U geen liefdevolle omgee hê vir Yerushalayim en vir die stede van Y’udah, waarmee U hierdie sewentig jaar verontwaardig was nie?”
- 13 יהוה het die boodskapper wat met my gepraat het, met gunstige, vertroostende woorde geantwoord.
- 14 Die boodskapper wat met my gepraat het, het vir my gesê: “Verkondig en sê: ‘So sê יהוה-Tzva’ot: “Ek is uitermate jaloers oor Yerushalayim en oor Tziyon,
- 15 maar Ek is baie kwaad vir die gemaklike nasies, want terwyl Ek net 'n bietjie kwaad was, het hulle die ramp aangehelp;”
- 16 daarom, so sê יהוה: “Ek sal terugkom na Yerushalayim met liefdevolle omgee; My huis sal daarin gebou word,” verklaar יהוה-Tzva’ot, “en 'n maatband sal oor Yerushalayim uitgestrek word.”” ^{Yeg 40-46}
- 17 “Verkondig weer en sê: ‘So sê יהוה-Tzva’ot: “My stede sal weer oorloop met voorspoed en יהוה sal Tziyon weer vertroos en Yerushalayim weer kies.””
- 2 1 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en let op: vier horings.
- 2 Toe sê ek vir die boodskapper wat met my gepraat het: “Wat is hierdie? Hy antwoord my: “Dit is die horings wat Y’udah, Yisra’el en Yerushalayim verstrooi het.”

- 3 Toe wys יהוה vir my vier vakmanne.
- 4 Ek het gesê: “Wat kom hulle doen?” Hy antwoord: “Hierdie is die horings wat Y'hudah só verstrooi het dat niemand sy kop oplig nie, maar hierdie manne het gekom om hulle bang te maak, om die horings van die nasies neer te gooi wat hulle horings teen die land van Y'hudah opgelig het om dit te verstrooi.”
- 5 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en let op, daar was 'n man met 'n maatband in sy hand.
- 6 Toe sê ek: “Waar gaan u heen?” Hy antwoord my: “Om Yerushalayim te meet, om te sien hoe breed en hoe lank dit is.” ^{Yeg 40}
- 7 Let op, die boodskapper wat met my gepraat het, het uitgegaan en 'n ander boodskapper het uitgekom om hom te ontmoet
- 8 en vir hom gesê: “Hardloop, praat met daardie jongman en sê: ‘Yerushalayim sal bewoon word sonder mure as gevolg van die menigte van mense en beeste daarbinne,
- 9 want Ek,’ verklaar יהוה, ‘sal 'n vurige muur rondom haar wees en Ek sal die lof en eer in haar midde wees.’” ^{Open 21:3}
- 10 “Let op, vlug uit die land van die Noorde,” verklaar יהוה, “want Ek het julle verstrooi na die vier windstreke van die hemel,” verklaar יהוה.
- 11 “Let op, Tziyon! Vluc, jy wat by die dogter van Bavel bly,” ^{Open 18:4}
- 12 want so sê יהוה-Tzva'ot: “Vir lof, eer en waarde het Hy My gestuur teen die nasies wat julle geplunder het, want hy wat julle aanraak, raak My oogappel aan,
- 13 want, let op, Ek sal My hand oor hulle swaai sodat hulle dade buit sal word, dan sal julle weet dat יהוה-Tzva'ot My gestuur het.
- 14 Sing van vreugde en wees bly, o dogter van Tziyon, want let op, Ek kom en sal in jou midde bly,” verklaar יהוה.
- 15 Baie nasies sal hulle in daardie dag aan יהוה verbind en sal My volk word, dan sal Ek in jou midde bly en jy sal weet dat יהוה-Tzva'ot My na jou toe gestuur het.
- 16 יהוה sal Y'hudah as Sy porsie in die afgesonderde land besit en sal Yerushalayim weer kies.
- 17 Alle vlees, wees stil voor יהוה, want Hy het opgestaan vanuit Sy afgesonderde blyplek.”
- 3** 1 Toe het Hy Y'hoshua, die hoofpriester, vir my gewys waar hy voor die boodskapper van יהוה staan en die teëstander wat aan sy regterhand staan om hom te beskuldig.
- 2 יהוה sê vir die teëstander: “יהוה! bestraf jou, teëstander! Inderdaad, יהוה wat Yerushalayim gekies het, bestraf jou!” ^{Y'hu 1:9} Is hierdie nie 'n vuuryster wat uit die vuur geruk is nie?”
- 3 Y'hoshua was in vuil klere aangetrek terwyl hy voor die boodskapper staan.
- 4 Hy het gepraat en vir hulle wat voor Hom staan gesê: “Verwyder die vuil klere van hom af.” Weer het Hy vir hom gesê: “Kyk, Ek het jou onregverdigheid van jou af weggevat en sal jou met feesklere aantrek.”
- 5 Toe het ek gesê: “Laat hulle 'n skoon tulband op sy kop sit.” Hulle het 'n skoon tulband op sy kop gesit en vir hom goeie klere aangetrek terwyl die boodskapper van יהוה by hulle gestaan het.

6 Die boodskapper van יהוה het Y'hoshua gewaarsku en gesê:

7 “So sê יהוה-Tzva'ot: ‘As jy in My lewenswyses sal loop en as jy My diens sal verrig, dan sal jy ook My huis bestuur en ook My howe beheer en Ek sal vir jou vrye toegang gee onder hulle wat hier staan.

8 Luister en hoor nou, Y'hoshua, die hoofpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit; inderdaad is hulle manne wat 'n teken is, want let op, Ek gaan My Dienskneg, die Spruit, inbring,

9 want let op, die steen wat Ek voor Y'hoshua gelê het; op een steen is sewe oë. Let op, Ek sal 'n inskrywing daarop graveer,’ verklaar יהוה-Tzva'ot ‘en Ek sal die onregverdigheid van daardie land op een dag verwyder.

10 In daardie dag,’ verklaar יהוה-Tzva'ot, ‘sal elkeen van julle sy naaste nooi om onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom te sit.”

4 1 Toe het die boodskapper wat met my gepraat het, teruggekom en my laat opstaan soos 'n man wat uit die slaap uit wakker gemaak word.

2 Hy het vir my gesê: “Wat sien jy?” Ek antwoord: “Ek sien, let op, 'n kandelaar, heeltemal van goud, met sy oliebak bo-op hom en sy sewe lampe op hom, met sewe tuite wat elk aan die lampe behoort wat op die kandelaar is;

3 ook twee olyfbome by dit, een aan die regterkant van die oliebak en een aan die linkerkant daarvan.” ^{Open 11:4}

4 Toe het ek vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: “Wat beteken dit, my meester?”

5 Die boodskapper wat met my gepraat het, antwoord en sê vir my: “Weet jy nie wat hierdie is nie?” Ek het gesê: “Nee, my meester.”

6 Toe sê hy vir my: “Dit is die woord van יהוה aan Z'rubavel, wat sê: ‘Nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,’ sê יהוה-Tzva'ot.

7 ‘Wat is jy, o groot berg? Voor Z'rubavel sal jy 'n vlakte word en hy sal die sluitsteen te voorskyn bring met uitroep van: “Onverdiende guns, onverdiende guns daarvoor!””

8 Die boodskap van יהוה het ook tot my gekom en gesê:

9 “Die hande van Z'rubavel het die fondasie van hierdie huis gelê en sy hande sal dit voltooi, dan sal jy weet dat יהוה-Tzva'ot my na julle toe gestuur het,

10 want wie verag die dag van klein dinge? Hierdie sewe sal egter bly wees as hulle die skietlood in die hand van Z'rubavel sien; dit is die oë van יהוה wat heen en weer die aarde deurkruis.”

11 Toe het ek vir hom gesê: “Wat is hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan sy linkerkant?”

12 Ek het die tweede keer gepraat en vir hom gesê: “Wat is die twee olyftakke wat langs die twee goue pype is wat die goue olie uit hulleself leeg maak?”

13 Hy antwoord my en sê: “Weet jy nie wat hierdie is nie?” Ek antwoord: “Nee, my meester.”

14 Toe sê hy: “Hierdie is die twee gesalfdes wat by die Meester van die ganse aarde staan.”

- 5** 1 Toe het ek weer my oë opgelig en gekyk en let op, daar is 'n vlieënde boekrol.
 2 Hy het vir my gesê: "Wat sien jy?" Ek het geantwoord: "Ek sien 'n vlieënde boekrol; sy lengte is twintig el en sy breedte tien el."
 3 Toe sê hy vir my: "Hierdie is die vloek wat uitgaan oor die oppervlak van die hele land; elkeen wat steel sal sekerlik uitgesuiwer word volgens die skrywe aan die een kant en elkeen wat vloek sal uitgesuiwer word volgens die skrywe aan die ander kant.
 4 Ek sal dit laat uitgaan," verklaar **תזב'ot**-Tzva'ot, "en dit sal in die huis van die dief ingaan en in die huis van hom wat vals sweer in My Naam (Karakter en Outoriteit) en dit sal die nag binne-in daardie huis deurbring en dit verteer saam met sy balke en klippe."
 5 Toe het die boodskapper wat met my gepraat het uitgegaan en vir my gesê: "Lig nou jou oë op en kyk wat hierdie is wat uitgaan."
 6 Ek het gesê: "Wat is dit?" Hy antwoord: "Dit is die maatstaf wat uitgaan en in dit is die skuld van die hele land."
 7 Let op, 'n talent lood is opgelig en 'n vrou wat by die maatstaf sit.
 8 Toe het hy gesê: "Hierdie is Boosheid!" Hy het haar binne-in die maatstaf gegooi en die looddeksel op die opening gegooi.
 9 Toe het ek my oë opgelig en gekyk en daar het twee vroue uitgekom met die wind in hulle vlerke en hulle het vlerke gehad soos die vlerke van 'n ooievaar en hulle het die efa opgelig tussen die aarde en die hemele.
 10 Ek het vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: "Waarheen bring hulle die maatstaf?"
 11 Toe antwoord hy my: "Om vir haar 'n tempel te bou in die land van Shin'ar en wanneer dit voorberei is, sal sy daar op haar eie troontjie gesit word."
- 6** 1 Ek het weer my oë opgelig en gekyk en let op, vier strydwaens het tussen die twee berge uitgekom en die berge was koper berge.
 2 By die eerste strydwa was rooi perde, by die tweede strydwa swart perde, ^{Open 6:1-}
 3 by die derde strydwa wit perde en by die vierde strydwa sterk bont perde.
 4 Toe het ek gepraat en vir die boodskapper wat met my gepraat het, gesê: "Wat is hierdie, my meester?"
 5 Die boodskapper het my geantwoord: "Hierdie is die vier geeste van die hemel wat uitgaan nadat hulle voor die Meester van die hele aarde gestaan het,
 6 met een, wat die swart perde trek, wat gaan na die land van die noorde en die wittes gaan uit agter hulle aan terwyl die bontes na die land van die suide gaan
 7 en die rooies het uitgegaan en was ywerig om te gaan om die aarde te patroleer." Hy het gesê: "Gaan, patroleer die aarde!" Hulle het die aarde patroleer.
 8 Toe het Hy na my geroep en vir my dit gesê: "Kyk, die wat na die land van die noorde gaan, het My toorn gekalmeer in die land van die noorde."
 9 Die boodskap van **תזב'ot** het ook tot my gekom en gesê:
 10 "Ontvang van die ballinge, van Heldai, Toviya en Y'da'yah en gaan dieselfde dag die huis van Yoshiyah, die seun van Tz'fanyah, waar hulle vanaf Bavel aangekom het, in.

- 11 Vat silwer en goud, maak 'n kroon en sit dit op die kop van Y'hoshua, die seun van Y'hotzadak, die hoofpriester.
- 12 Sê dan vir hom: 'So sê יהוה-Tzva'ot: "Let op, daar kom 'n Man wie se Naam Spruit is, want Hy sal uitspruit van waar Hy is en Hy sal die tempel van יהוה bou.
- 13 Ja, dit is Hy wat die tempel van יהוה sal bou en Hy sal die eer dra en sit en heers op Sy troon. So sal Hy 'n Priester wees op Sy troon en die raad van vrede sal tussen die twee instellings wees."
- 14 Nou sal die kroon 'n herinnering word in die tempel van יהוה vir Heldai, Toviya, Y'da'yah en Yoshiyah, die seun van Tz'fanyah.
- 15 Die wat ver is, sal kom en die tempel van יהוה bou." Dan sal julle weet dat יהוה-Tzva'ot my na julle toe gestuur het en dit sal gebeur as julle יהוה, julle God, volledig gehoorsaam.
- 7** 1 In die vierde jaar van koning Daryavesh het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah gekom, op die vierde dag van die negende maand, Kislev.
- 2 Beit-El het vir Sar'etzer en Regem-Melekh met hulle manne gestuur om die guns van יהוה te soek,
- 3 deur met die priesters wat behoort aan die huis van יהוה-Tzva'ot en met die profete te praat en te sê: "Moet ek in die vyfde maand huil en vas soos wat ek hierdie baie jare gedoen het?"
- 4 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva'ot tot my gekom en gesê:
- 5 "Sê vir al die mense van die land en vir die priesters: 'Wanneer julle hierdie sewentig jaar lank in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, was dit werklik vir My dat julle gevas het?
- 6 Wanneer julle eet en drink, eet julle nie vir julleself en drink julle nie vir julleself nie?
- 7 Is dit nie die boodskap wat יהוה deur die vroeëre profete verkondig het, toe Yerushalayim en sy omliggende stede bewoond en voorspoedig was en die Suidland (Negev) en die voetheuwels bewoond was, nie?'"
- 8 Toe het die boodskap van יהוה tot Z'kharyah gekom en gesê:
- 9 "So het יהוה-Tzva'ot gesê: 'Deel eerlike vonnis uit en beoefen goedheid en liefdevolle omgee, elkeen vir sy broer
- 10 en moenie die weduwee of die wees, die vreemdeling of die arme onderdruk nie en moenie boosheid in julle verstand, wil en emosie teen mekaar beplan nie.'
- 11 Hulle het egter geweier om aandag te gee en 'n hardnekkige skouer gedraai en hulle ore toegestop om nie te hoor nie.
- 12 Hulle het hul harte soos vuursteen gemaak sodat hulle nie die wet of die boodskap wat יהוה-Tzva'ot deur Sy Gees deur die vroeëre profete gestuur het, kon hoor nie; daarom het groot toorn vanaf יהוה-Tzva'ot gekom.
- 13 Net soos wat Ek geroep het en hulle nie wou luister nie, so het hulle geroep en Ek wou nie luister nie," sê יהוה-Tzva'ot, ^{Yeg 39:22-23}
- 14 "maar Ek het hulle met 'n stormwind verstrooi onder al die nasies wat hulle nie geken het nie. So is die land verlate agter hulle sodat niemand heen en weer gegaan het nie, want hulle het die aangename land verlate gemaak."

- 8 1 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva'ot gekom en gesê:
- 2 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'Ek is uitermate jaloers oor Tziyon, ja, met 'n groot toorn is Ek jaloers oor haar.'
- 3 So sê יהוה: 'Ek sal terugkeer na Tziyon en sal midde-in Yerushalayim bly. Dan sal Yerushalayim genoem word: Die stad van Waarheid en die berg van יהוה-Tzva'ot: Die Afgesonderde Berg.'^{Yeg 48:35}
- 4 So sê יהוה-Tzva'ot: "Ou manne en ou vroue sal weer in die strate van Yerushalayim sit, elke man met sy staf in sy hand as gevolg van ouderdom.
- 5 Die strate van die stad sal vol wees met seuns en dogters wat in die strate speel.'
- 6 So sê יהוה-Tzva'ot: 'As dit te moeilik is in die oë van die wat van hierdie volk oorgebly het in daardie dae, sal dit ook te moeilik wees in My oë?' verklaar יהוה-Tzva'ot.
- 7 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Let op, Ek gaan My volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste
- 8 en hulle bring en hulle sal midde-in Yerushalayim bly en hulle sal My volk wees en Ék sal hulle God wees, in waarheid en onpartydige opregtheid."
- 9 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Laat julle hande onveranderlik sterk wees, julle wat in hierdie dae na die boodskappe uit die mond van die profete luister op die dag toe die fondasie van die huis van יהוה-Tzva'ot gelê is sodat die tempel gebou kon word,
- 10 want vóór daardie dae was daar geen loon vir die mense of enige loon vir die diere nie en vir die wat uit- of ingegaan het was daar geen rustigheid as gevolg van sy vyande nie en Ek het al die mense die een teen die ander opgestel.
- 11 Nou sal Ek egter nie die wat oorgebly het van die volk behandel soos in vroeër dae nie,' verklaar יהוה-Tzva'ot,
- 12 'want daar sal vrede wees vir die saad: die wingerdstok sal sy vrug gee en die land sy opbrengs lewer en die hemel sal sy dou gee en Ek sal die wat oorgebly het van die volk al hierdie dinge laat erf.
- 13 Dit sal gebeur dat net soos julle 'n vloek was onder die nasies, o huis van Y'hudah en huis van Yisra'el, so sal Ek julle red sodat julle 'n seën kan word. Moenie vrees nie, laat julle hande onveranderlik sterk wees,'
- 14 want so sê יהוה-Tzva'ot: 'Net soos Ek beplan het om julle kwaad aan te doen, toe julle vaders My uitgetart het tot toorn,' sê יהוה-Tzva'ot 'en Ek nie bedaar het nie,
- 15 so het Ek weer beplan in hierdie dae om goed te doen aan Yerushalayim en aan die huis van Y'hudah. Moenie vrees nie!
- 16 Hierdie is die dinge wat julle moet doen: praat die waarheid met mekaar;^{Efe 4:25} oordeel met waarheid en regverdigheid vir vrede in julle poorte!
- 17 Laat niemand van julle ook boosheid beplan in sy verstand, wil en emosie teen 'n ander nie en moenie lief wees om 'n vals eed af te lê nie, want dit is alles wat Ek haat,' verklaar יהוה."
- 18 Toe het die boodskap van יהוה-Tzva'ot tot my gekom en gesê:
- 19 "So sê יהוה-Tzva'ot: 'Die vas van die vierde, die vas van die vyfde, die vas van die sewende en die vas van die tiende maand sal vir die huis van Y'hudah 'n vreugde, 'n blydskap en vrolike feeste wees; wees daarom lief vir waarheid en vrede.'

- 20 So sê יהוה-Tzva'ot: 'Volke sal kom, die inwoners van baie stede.
- 21 Die inwoners van een sal gaan na 'n ander en sê: "Laat ons dadelik gaan om die onverdiende guns van יהוה te vra en om יהוה-Tzva'ot te soek; ek sal ook gaan!"
- 22 So sal baie volke en magtige nasies kom om יהוה-Tzva'ot in Yerushalayim te soek en om die onverdiende guns van יהוה af te smeek.'
- 23 So sê יהוה-Tzva'ot: 'In daardie dae sal tien man vanuit al die nasies die kleed van 'n man van Y'hudah vasgryp en sê: "Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is."'''
- 9** 1 Die las van die boodskap van יהוה is teen die land van Hadrakh, met Dammesek as sy rusplek, want die oog van die mens, veral al die stamme van Yisra'el, is op יהוה gerig,
- 2 asook Hamat wat daaraan grens. Tzor en Tzidon, alhoewel hulle baie slim is,
- 3 want Tzor het vir haarself 'n vesting gebou en silwer opgehoop soos stof en goud soos die vuilgoed van die strate,
- 4 let op, יהוה sal haar onteien en haar rykdom in die see gooi en sy sal deur vuur verteer word.
- 5 Ashkelon sal dit sien en vrees; ook 'Azah sal wriemel in groot pyn; ook 'Ekron, want haar verwagtinge is verydel; meer nog, die koning sal sterf vanuit 'Azah en in Ashkelon sal nie gewoon word nie.
- 6 'n Gemengde volk (Jood / nie-Jood) sal in Ashdod bly en Ek sal die trotsheid van die F'lishtyne afsny.
- 7 Ek sal die bloed uit hulle mond verwyder en hulle verwerplike dinge van tussen hulle tande uit, dan sal hulle ook vir ons God oorgeblewenes wees en wees soos 'n familie in Y'hudah en 'Ekron soos 'n Y'vusiet.
- 8 Ek sal 'n Versorger aanstel oor My huis as gevolg van Hom wat verbykom, as gevolg van Hom wat weer terugkom en geen onderdrukker sal meer oor hulle kom nie, want nou het Ek met My eie oë gesien.
- 9 Swaai in die rondte van vreugde, oervloediglik, o dogter van Tziyon! Skreeu dit uit, o dogter van Yerushalayim! Let op, jou Koning kom na jou toe; Hy is regverdig en toegerus met verlossing, nederig en ry op 'n donkie, ^{Mat 21:5} op 'n jong donkie, die vul van 'n donkie. ^{Yog 12:15}
- 10 Ek sal die strydwa vanaf Efrayim en die perd vanaf Yerushalayim afsny en die gevegsboog sal vernietig word. Hy sal vrede tot die nasies praat en Sy heerskappy sal wees van see tot see en vanaf die Rivier (Eufraat) tot aan die eindes van die aarde.
- 11 Ook wat jou betref, as gevolg van die bloed van die verbond met jou, het Ek jou gevangenes bevry vanuit die waterlose put.
- 12 Keer terug na die vesting, gevangenes wat die versekerde verwagting het; Ek verklaar op hierdie dag dat Ek dubbel aan jou sal herstel,
- 13 want Ek sal Y'hudah buig as My boog, die boog vul met Efrayim en Ek sal jou seuns, o Tziyon, opwek teen jou seuns, o Yavan en Ek sal jou maak soos 'n vegter se swaard,

- 14 dan sal יהוה oor hulle verskyn en Sy pyl sal soos weerlig uitskiet en יהוה-God sal met die ramshoring blaas en in die stormwinde van die suide marsjeer.
- 15 יהוה-Tzva'ot sal hulle verdedig en hulle sal die slingerklippe verslind en vertrap; hulle sal drink en luidrugtig wees asof deur wyn en hulle sal vol wees soos die offerkomme, soos die hoeke van die altaar.
- 16 יהוה, hulle God, sal hulle op daardie dag red as die kudde van Sy volk, want hulle is afgesonderde gesteentes wat op Sy land gestrooi is. ^{Open 7:4}
- 17 Hoe goed en uitnemend is koring vir die jong manne en nuwe wyn maak die maagde vrolik.
- 10** 1 Vra reën van יהוה in die tyd van die lentereëns; van יהוה wat die stormwolke maak en Hy sal aan hulle stortreën gee, plante in die veld vir die mens,
- 2 want die huishoudelike gode (terafim) praat boosheid en die waarsêers sien leuenagtige visioene en verkondig vals drome; hulle troos tevergeefs; daarom het hulle rondgeswerf soos skape; hulle is beproef omdat daar geen herder is nie.
- 3 “My woede is opgewek teen die herders en Ek sal die bokramme straf, want יהוה-Tzva'ot het Sy kudde besoek, die huis van Y'hudah en sal hulle soos Sy majestueuse perd in die geveg maak.
- 4 Vanaf hulle sal die hoeksteen kom, vanaf hulle die tentpen, vanaf hulle die gevegsboog, vanaf hulle elke heerser, almal van hulle saam.
- 5 Hulle sal soos magtige manne wees, wat in die geveg die vuilgoed van die strate vertrap en hulle sal veg, want יהוה sal by hulle wees en die ruiters op perde sal beskaamd word.
- 6 Ek sal die huis van Y'hudah versterk en die huis van Yosef red en hulle terugbring omdat Ek liefdevolle omgee vir hulle gehad het en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is יהוה, hulle God en Ek sal hulle antwoord.
- 7 Efrayim sal wees soos 'n magtige man en hulle verstand, wil en emosie sal vrolik wees asof deur wyn; inderdaad, hulle kinders sal dit sien en bly wees, hulle verstand, wil en emosie sal in die rondte swaai van vreugde in יהוה.
- 8 Ek sal vir hulle fluit om hulle bymekaar te maak, want Ek het hulle losgekoop en hulle sal net so talryk wees soos tevore.
- 9 Wanneer Ek hulle verstrooi tussen die volke, sal hulle My in ver lande onthou en hulle en hul kinders sal lewe en terugkom.
- 10 Ek sal hulle terugbring uit die land van Mitzrayim en hulle uit Ashur bymekaarmaak en Ek sal hulle in die land van Gil'ad en L'vanon inbring totdat geen plek vir hulle gevind kan word nie.
- 11 Hulle sal deur die see van bekommernis gaan en Hy sal die golwe in die see slaan sodat al die dieptes van die Nyl sal opdroog en die trotsheid van Ashur sal afgebring word en die septer van Mitzrayim sal weggaan.
- 12 Ek sal hulle sterk maak in יהוה en hulle sal in Sy Karakter en Outoriteit loop,” verklaar יהוה.

- 11** 1 Maak oop jou deure, o L'vanon, dat 'n vuur mag voed op jou sederbome!
 2 Huil, o sipres, want die seder het geval omdat die pragtige bome verwoes is! Huil, eike van Bashan omdat die ondeurdringbare woud neergefel is.
 3 Daar is die klank van die herders se gehuil, want hulle lof en eer is verwoes; daar is die klank van die jong leeus se brul, want die trots van die Yarden is verwoes.
 4 So sê יהוה my God: "Laat die trop wei wat verdoem is tot slagting.
 5 Dié wat hulle koop, slag hulle sonder om gestraf te word en elkeen wat hulle verkoop sê: 'Geseënd is יהוה', want ek het ryk geword!' Hulle eie herders het geen medelye met hulle nie,
 6 want Ek sal nie langer medelye hê met die inwoners van die land nie," verklaar יהוה; "maar let op, Ek sal die mense laat val, elkeen in die hand van 'n ander en in die hand van sy koning en hulle sal die land verwoes en Ek sal hulle nie uit hul hand red nie."
 7 Ek het die skape, verdoem tot slagting, die geteisterdes van die trop, van toe af laat wei! Ek het vir myself twee stawwe gevat: die een het ek 'guns' genoem en die ander het ek 'eenheid' genoem; so het ek die skape laat wei.
 8 Toe het ek die drie herders in een maand vernietig, want my persoon was ongeduldig met hulle en hulle persoon was ook moeg van my.
 9 Toe het ek gesê: "Ek sal julle nie meer versorg nie. Wat gaan sterf, laat dit sterf en wat uitgewis gaan word, laat dit uitgewis word en laat die wat oorbly, mekaar se vleis verslind!"
 10 Ek het my staf 'guns' gevat en in stukgies gebreek, om my verbond te verbreek wat ek met al die volke gesluit het. ^{Yir 31:31}
 11 Dit is op daardie dag verbreek en so het die geteisterdes van die trop wat my dopgehou het, besef dat dit die boodskap van יהוה was.
 12 Ek het vir hulle gesê: "As dit goed is in julle oë, gee my loon, maar so nie, laat dit staan." Hulle het my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer, as my loon.
 13 Toe sê יהוה vir my: "Gooi dit vir die pottebakker, die fantastiese prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is." ^{Mat 26:15} Ek het die dertig sikkels silwer gevat en dit in die huis van יהוה vir die pottebakker gegooi. ^{Mat 27:10}
 14 Toe het ek my tweede staf, 'eenheid', in stukgies gesny, om die broederskap tussen Y'hudah en Yisra'el te verbreek.
 15 יהוה het vir my gesê: "Vat weer vir jouself die gereedskap van 'n dwase herder,
 16 want let op, Ek gaan 'n herder laat opstaan in die land wat nie vir die ellendige gaan sorg, die verstrooides gaan soek, die gebrokenes gaan genees of die wat staan in stand gaan hou nie, maar die vleis van die vettes sal hy eet en hulle kloue afskeur.
 17 Wee die waardelose herder wat die skape in die steek laat! 'n Swaard sal op sy arm en op sy regteroog wees! Sy arm sal heeltemal verdor en sy regteroog blind wees!

- 12** 1 Die visioen van die boodskap van יהוה aangaande Yisra'el: so verklaar יהוה, wat die hemele uitstrek, die aarde se fondasies lê en die gees van die mens binne- in hom vorm:
- 2 “Let op, Ek gaan van Yerushalayim 'n beker maak wat gaan veroorsaak dat al die volke rondom slinger en wanneer die beleëring teen Yerushalayim is, sal dit ook teen Y'hudah wees.
- 3 Dit sal gebeur op daardie dag dat Ek Yerushalayim tot 'n baie swaar klip maak vir al die volke; almal wat dit optel, sal ernstig beseer word en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word.
- 4 In daardie dag,” verklaar יהוה, “sal Ek elke perd met verwarring slaan en sy ruiter met waansin, maar Ek sal waak oor die huis van Y'hudah terwyl Ek elke perd van die volke met blindheid slaan,
- 5 dan sal die families van Y'hudah in hulle verstand, wil en emosie sê: ‘Die inwoners van Yerushalayim is vir ons 'n sterk ondersteuning deur יהוה-Tzva'ot, hulle God.’
- 6 In daardie dag sal Ek die families van Y'hudah maak soos 'n pot met vuur tussen stukkie hout en 'n brandende fakkel onder gerwe, so sal hulle aan die regterkant en aan die linkerkant al die volke rondom verteer terwyl die inwoners van Yerushalayim weer op hulle eie plekke in Yerushalayim sal bly.
- 7 יהוה sal ook eerste die tente van Y'hudah red sodat die lof en eer van die huis van Dawid en die lof en eer van die inwoners van Yerushalayim nie opgelig sal word bo Y'hudah nie.
- 8 In daardie dag sal יהוה die inwoners van Yerushalayim verdedig en die swakkes onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid en die huis van Dawid sal wees soos God, soos die boodskapper van יהוה, voor hulle.
- 9 Ek sal in daardie dag begin om al die nasies wat teen Yerushalayim kom, te vernietig.
- 10 Ek sal die Gees van onverdiende guns en van smeekbede oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Yerushalayim uitgiet en hulle sal opkyk na Hom vir Wie hulle deurboor het en hulle sal oor Hom rou soos 'n mens rou oor 'n enigste seun en hulle sal bitterlik oor Hom huil soos die bitterlike gehuil oor 'n uniek eersgeborene. ^{Open 1:7}
- 11 In daardie dag sal daar 'n groot rou wees in Yerushalayim, soos die rou van Hadad-Rimmon in die vlakte van Megiddo.
- 12 Die land sal rou, elke familie by homself; die familie van die huis van Dawid afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie van die huis van Natan afsonderlik en hulle vroue afsonderlik;
- 13 die familie van die huis van Levi afsonderlik en hulle vroue afsonderlik; die familie van Shim'i afsonderlik en hulle vroue afsonderlik.
- 14 Al die ander families, elke familie afsonderlik en hulle vroue afsonderlik. ^{Mat 24:30}
- 13** 1 In daardie dag sal 'n fontein vir die huis van Dawid oopgemaak word en vir die inwoners van Yerushalayim, vir sonde en onreinheid.
- 2 Dit sal op daardie dag gebeur,” verklaar יהוה-Tzva'ot, “dat Ek die name van die afgode uit die land sal afsny en hulle sal nie langer onthou word nie en Ek sal ook die profete en die onrein gees uit die land uit verwyder.

- 3 As iemand nog profeteer, sal sy vader en sy moeder wat geboorte aan hom gegee het, vir hom sê: 'Jy mag nie lewe nie, want jy het valslik in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gepraat' en sy vader en sy moeder wat geboorte aan hom gegee het, sal hom deurboor wanneer hy profeteer.
- 4 Dit sal ook gebeur in daardie dag dat die profete, elkeen, skaam sal wees oor sy visioen wanneer hy profeteer en hulle sal nie 'n harige mantel aantrek om te mislei nie,
- 5 maar hy sal sê: 'Ek is nie 'n profeet nie; ek is 'n man wat die grond bewerk, want iemand het my in my jeug as 'n slaaf verkoop.'
- 6 Iemand sal vir hom sê: 'Wat is hierdie wonde tussen jou arms?' Dan sal hy antwoord: 'Waarmee ek gewond is in die huis van my vriende.'
- 7 Ontwaak, o swaard, teen My herder en teen die man wat My vennoot is!" verklaar יהוה-Tzva'ot. "Slaan die herder sodat die skape verstrooi mag word en Ek sal My hand teen die kleintjies draai. Mat 26:31; Mar 14:27
- 8 Dit sal gebeur in die hele land," verklaar יהוה, "dat twee-derdes daarin afgesny sal word en sterf, maar een-derde sal daarin oorbly.
- 9 Ek sal die derde deel deur die vuur bring, hulle suiwer soos 'n mens silwer suiwer en hulle toets soos 'n mens goud toets. Ps 66:10 Hulle sal My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê: 'Hulle is My volk!' Hulle sal sê: 'יהוה is my God!' Deut 30:15-20; Yir 31:33

- 14** 1 Let op, 'n dag kom vir יהוה wanneer die buit wat van jou gevat is, tussen julle verdeel word,
- 2 want Ek sal al die nasies versamel om te veg teen Yerushalayim en die stad sal oorgeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap, maar die res van die mense sal nie uit die stad uitgeroei word nie,
- 3 dan sal יהוה gaan en veg teen dié nasies soos wanneer Hy veg op die dag van die geveg.
- 4 Op daardie dag sal Sy voete op die Olyfberg staan, wat voor Yerushalayim lê, aan die oostekant en die Olyfberg sal middeldeer geskeur word van oos na wes deur 'n baie groot vallei sodat die helfte van die berg na die noorde sal beweeg en die ander helfte na die suide. Hand 1:11
- 5 Julle sal vlug deur die vallei van My berge, want die vallei van die berge sal loop tot by Atzel; ja, julle sal vlug net soos julle gevlug het voor die aardbewing in die dae van 'Uziah, koning van Y'hudah, dan sal יהוה, my God, kom en al die afgesonderdes saam met Hom! Open 19:14
- 6 In daardie dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal verflou,
- 7 want dit sal 'n unieke dag wees wat aan יהוה bekend is, geen dag of geen nag nie, maar dit sal gebeur dat daar teen die aand lig sal wees. Open 22:5
- 8 In daardie dag sal daar lewende waters vanuit Yerushalayim vloei, die helfte daarvan na die oostelike see en die ander helfte na die westelike see; dit sal in die somer, sowel as in die winter wees. Yeg 47:1-2

- 9 יהוה sal Koning wees oor die hele aarde; op daardie dag sal daar een יהוה wees en Sy Naam een. Deut 6:4; Open 22:1
- 10 Die hele land sal in 'n vlakte verander word, vanaf Geva tot by Rimmon, suid van Yerushalayim, maar Yerushalayim sal opstaan en bly aan sy kant van die poort van Binyamin, so ver as tot by die plek van die Eerste poort, tot by die Hoekpoort en vanaf die toring van Hanan'el tot by die parskuie van die koning.
- 11 Mense sal daarin woon en daar sal nie langer 'n vloek wees nie, want Yerushalayim sal in veiligheid bly.
- 12 Hierdie sal die plaag wees waarmee יהוה al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Yerushalayim te veg: hulle vlees sal verrot terwyl hulle op hul voete staan, hulle oë sal in hulle holtes verrot en hulle tong sal in hulle mond verrot.
- 13 Dit sal gebeur in daardie dag dat 'n groot paniek vanaf יהוה op hulle sal val en hulle sal mekaar se hand vasgryp en die hand van die een sal opgelig word teen die hand van die ander.
- 14 Y'hudah sal ook in Yerushalayim veg en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud, silwer en klere in groot oorvloed.
- 15 Net soos hierdie plaag is, sal die plaag wees op die perd, die muil, die kameel, die donkie en al die beeste wat in daardie kampe sal wees,
- 16 dan sal dit gebeur dat enige wat oorbly uit al die nasies wat teen Yerushalayim opgegaan het, van jaar tot jaar sal opgaan om die Koning, יהוה-Tzva'ot, te aanbid en om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier. Open 15:4
- 17 Dit sal wees dat daar geen reën sal val op wie ook al uit al die families van die aarde, nie na Yerushalayim sal opgaan om die Koning, יהוה-Tzva'ot, te aanbid nie.
- 18 As die familie van Mitzrayim nie opgaan of ingaan nie, dan sal die plaag waarmee יהוה die nasies tref wat nie opgaan om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier nie, ook op hulle val.
- 19 Dit sal die straf vir Mitzrayim wees en die straf vir al die nasies wat nie opgaan om die Fees van Hutte (Sukkot) te vier nie.
- 20 Op daardie dag sal op die klokke van die perde staan: "Afgesonderd tot יהוה!" Die kookpotte in die huis van יהוה sal wees soos die komme voor die altaar.
- 21 Elke kookpot in Yerushalayim en in Y'hudah sal afgesonderd wees tot יהוה-Tzva'ot en almal wat offer, sal kom en daarvan vat en daarin kook. In daardie dag sal daar geen Kena'aniet meer in die huis van יהוה-Tzva'ot wees nie.

Die ses-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die een-en-twintigste boek van die Profete

Die vyftiende boek van die Latere Profete

Die twaalfde boek van die twaalf

Mal'akhi

(Maleági)

מלאכי - My boodskapper

Die boek is deur Mal'akhi, (Mal 1:1), in die tydperk 445-432 voor Yeshua, geskryf.

- 1 1 Die profetiese openbaring van die boodskap van יהוה aan Yisra'el deur Mal'akhi:
- 2 “Ek het julle liefgehad,” sê יהוה, maar julle vra: “Waarin het U ons liefgehad?” “Was 'Esav nie Ya'akov se broer nie?” verklaar יהוה. “Tog het Ek Ya'akov liefgehad,
- 3 maar Ek het 'Esav gehaat en Ek het sy berge 'n verlatenheid gemaak en sy erfenis aan die jakkalse van die wildernis gegee.” ^{Rom 9:13}
- 4 Alhoewel Edom sê: “Ons is neergeslaan, maar ons sal terugkom en die puin hope opbou,” sê יהוה-Tzva'ot: “Hulle mag bou, maar Ek sal dit afbreek en mense sal hulle noem: ‘Bose grondgebied,’ en: ‘Die volk waaroor יהוה verontwaardig is vir ewig!’”
- 5 Julle oë sal dit sien en julle sal sê: “יהוה word groot gemaak buite die grense van Yisra'el!”
- 6 “'n Seun eer sy vader en 'n dienskneg sy meester. As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer? As Ek 'n Meester is, waar is My respekvolle vrees?” sê יהוה-Tzva'ot vir julle, o priesters wat My Naam (Karakter en Outoriteit) verag! Julle sê egter: ‘Waardeur het ons U Naam (Karakter en Outoriteit) verag?’
- 7 Julle bring onrein kos op My altaar, maar julle vra: ‘Waardeur het ons U onteer?’ Deurdat julle sê: ‘Die tafel van יהוה is veragtelik.’
- 8 Wanneer julle egter die blinde as offer aanbied, is dit nie boos nie? Wanneer julle die kreupele of sieke aanbied, is dit nie boos nie! Hoekom dit nie aan julle goewerneur offer nie! Sal hy gelukkig wees met julle of julle goedgesind ontvang?” vra יהוה-Tzva'ot.
- 9 “Sal julle egter nie nou God se guns afsmeek dat Hy goedgunstig tot ons kan wees nie? Met so 'n offer van julle kant af, sal Hy enige van julle goedgesind wees?” vra יהוה-Tzva'ot.
- 10 “Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit sodat julle nie tevergeefs vuur op My altaar kan aansteek nie! Ek is nie tevrede met julle nie,” sê יהוה-Tzva'ot “en Ek sal ook nie 'n offer uit julle hand aanvaar nie,
- 11 want van die opkoms van die son tot by sy ondergaan, sal My Naam groot wees onder die nasies en in elke plek sal wierook en 'n rein graanoffer tot eer van My Naam (Karakter en Outoriteit) geoffer word, want My Naam (Karakter en Outoriteit) sal groot wees onder die nasies,” sê יהוה-Tzva'ot. ^{Yog 4:23}
- 12 “Julle verontreinig dit egter deurdat julle sê: ‘Die tafel van יהוה is onteer en wat sy opbrengs betref, sy kos is veragtelik.’
- 13 Julle sê ook: ‘Ag, hoe vermoeiend is dit!’ Julle snuif veragkend daaroor,” sê יהוה-Tzva'ot “en julle bring wat deur diefstal gevat is en die kreupele en sieke; so bring julle die offer! Moet Ek dit uit julle hand ontvang?” sê יהוה.
- 14 Vervloek is die bedrieër wat 'n manlike dier in sy trop het en dit belowe, maar 'n verminkte dier aan יהוה offer, want Ek is 'n groot Koning,” sê יהוה-Tzva'ot “en My Naam (Karakter en Outoriteit) word gevrees onder die nasies.”

- 2 ¹ “Nou, hierdie opdrag is vir julle, o priesters:
- 2 as julle nie luister en doen nie en as julle dit nie ernstig opneem om eer aan My Naam (Karakter en Outoriteit) te gee nie,” sê יהוה-Tzva'ot, “dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge vervloek en inderdaad, Ek het dit alreeds vervloek omdat julle dit nie ernstig opneem nie.
- 3 Let op, Ek sal julle nasate bestraf en Ek sal vuilgoed oor julle gesigte strooi, die vuilgoed van julle feeste en julle sal saam met dit weggevat word,
- 4 dan sal julle weet dat Ek hierdie opdrag vir julle gestuur het sodat My verbond met Levi kan voortgaan,” sê יהוה-Tzva'ot.
- 5 “My verbond met hom was lewe en vrede en Ek het dié aan hom gegee tot respekvolle vrees; ^{Num 25:11-13} so het hy My respektvol gevrees en in ontsag vir My Naam (Karakter en Outoriteit) gestaan.
- 6 Ware instruksie was in sy mond en partydigheid en onreg is nie op sy lippe gevind nie; hy het in vrede en opregtheid saam met My geloop en hy het baie mense teruggedraai van onregverdigheid af,
- 7 want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva'ot.
- 8 Julle het egter van die pad afgewyk, julle het baie deur die instruksies laat struikel; julle het die verbond met Levi korrupt gemaak,” sê יהוה-Tzva'ot.
- 9 “So het Ek julle ook veragtelik en vernederd voor al die mense gemaak, net soos julle nie My lewenswyse hou nie, maar partydigheid wys deur die instruksies.”
- 10 Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? ^{Hand 17:26} Waarom handel ons verraderlik elkeen teenoor sy broer, om so die verbond van ons vaders te onteer?
- 11 Y'hudah het verraderlik gehandel en 'n verwerplikheid is in Yisra'el en in Yerushalayim gedoen, want Y'hudah het die Afgesonderde Plek van יהוה onteer, wat Hy lief het en die dogter van 'n vreemde god getrou. ^{2 Kon 23:26,27; 24:2; Hos 12:1; 'Am 2:4}
- 12 יהוה sal die man wat dit doen vernietig, asook sy seun en sy seun se seun uitroei uit die tente van Ya'akov en hy sal niemand hê om die offer aan יהוה-Tzva'ot te bring nie.
- 13 “Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en gekreun omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie.
- 14 Tog vra julle: ‘Om watter rede?’ Omdat יהוה Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond.
- 15 Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy gedoen terwyl hy 'n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie,
- 16 want Ek haat egskeiding,” sê יהוה, die God van Yisra'el “en hom wat dit wat verkeerd is met sy kleed bedek,” sê יהוה-Tzva'ot. “Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie.” ^{1 Kor 7:10-16,39}

17 Julle het יהוה vermoei met julle woorde. Nogtans vra julle: “Waarmee vermoei ons Hom?” Deurdat julle sê: “Elkeen wat boosheid doen, is goed in die oë van יהוה en Hy is bly oor hulle;” of, “waar is die God van regverdige oordeel?”

3 1 “Let op, Ek gaan My boodskapper stuur en hy sal die pad voor My skoonmaak. Die Meester, wat julle soek, sal skielik na Sy tempel toe kom en die Boodskapper van die verbond, in Wie julle vreugde vind, let op, Hy kom,” sê יהוה-Tzva'ot, ^{Yog 1:1}

2 “maar wie kan die dag van Sy koms verdra? Wie kan staande bly as Hy verskyn? Want Hy is soos die suiweraar se vuur en soos die seep van die wasser.

3 Hy sal sit as 'n Smelter en Reiniger van silwer en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle suiwer maak soos goud en silwer sodat hulle aan יהוה offers kan bring in onpartydige opregtheid,

4 dan sal die offer van Y'hudah en Yerushalayim vir יהוה aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die vroeëre jare, ^{1 Yog 1:7-9}

5 dan sal Ek naderkom na julle toe vir oordeel en Ek sal 'n vinnige Getuie wees teen die towenaars, teen die egbrekers, teen die wat vals sweer, teen die wat die dagloner in sy loon, asook die weduwee en die wees onderdruk en teen die wat die vreemdeling wegwys en My nie respekvol vrees nie,” sê יהוה-Tzva'ot,

6 “want Ek, יהוה, verander nie; ^{Ya'a 1:17} daarom is julle, seuns van Ya'akov, nie verteer nie.

7 Vanaf die dae van julle vaders het julle van My instellings af weggedraai en hulle nie gehou nie. Keer terug na My en Ek sal na julle toe terugkeer,” sê יהוה-Tzva'ot, “maar julle vra: “Waar in moet ons terugkeer?”

8 “Mag 'n mens God beroof? Tog beroof julle My, maar julle sê: ‘Hoe het ons U beroof?’ In tiendes en offergawes.

9 Julle is met 'n vloek vervloek, want julle, die hele nasie, steel van My!

10 Bring die hele tiende na die stoorkamer sodat daar kos in My huis kan wees en toets My nou hierin,” sê יהוה-Tzva'ot, “of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en vir julle 'n seën sal laat uitvloei totdat dit oorloop, nie,

11 dan sal Ek die vreter vir julle bestraf sodat dit nie die opbrengs van die grond sal vernietig nie en ook sal julle wingerdstok op die land nie sy vrug afgooi nie,” sê יהוה-Tzva'ot.

12 “Al die nasies sal julle geseënd noem, want julle sal 'n genotvolle land wees,” sê יהוה-Tzva'ot.

13 “Julle woorde teen My was arrogant,” sê יהוה. “Tog vra julle: ‘Wat het ons teen U gepraat?’

14 Julle het gesê: ‘Dit is tevergeefs om God te dien en watter voordeel is dit dat ons Sy opdragte uitgevoer het en dat ons in rou voor יהוה-Tzva'ot geloop het?’

15 Nou noem ons die arrogantes geseënd; nie alleen word die wat boosheid doen, opgebou nie, maar hulle toets God ook en kom vry!”

16 Toe het hulle wat יהוה vrees met mekaar gepraat en יהוה het aandag gegee en gehoor en 'n boek van herinnering is voor Hom geskryf vir dié wat יהוה respekvol vrees en Sy Karakter en Outoriteit (Naam) hoog ag. ^{Ps 69:29; Open 20:12}

- 17 Hulle sal Myne wees,” sê יהוה-Tzva'ot, “op die dag wat Ek My eie besitting voorberei en Ek sal hulle spaar soos 'n man sy eie seun spaar wat hom dien.”
- 18 So sal julle weer onderskei tussen die onpartydige en opregte en die bose, tussen een wat God dien en een wat Hom nie dien nie,
- 19 “want let op, die dag kom, brandend soos 'n oond en al die arrogantes en elke boosdoener sal kaf wees en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek,” sê יהוה-Tzva'ot, “sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlos nie,
- 20 maar vir julle wat My Naam (Karakter en Outoriteit) respekvol vrees, sal die Dienskneg van onpartydige opregtheid opgaan met genesing in Sy vlerke en julle sal uitgaan en rondhuppel soos kalwers uit die stal. Yes 53:4,5,10; Mat 8:14-17; 1 Kefa 2:24
- 21 Julle sal die bose vertrap, want hulle sal as wees onder julle voetsole op die dag wat Ek voorberei,” sê יהוה-Tzva'ot.
- 22 “Onthou die wet van Mosheh, My dienskneg, die opdragte en regverdigde oordele wat Ek hom beveel het op Horev vir die hele Yisra'el.
- 23 Let op, Ek gaan vir julle die profeet Eliyahu stuur voor die koms van die groot en verskriklike dag van יהוה.
- 24 Hy sal die verstand, wil en emosie van die vaders herstel tot die seuns en die verstand, wil en emosie van die seuns tot hulle vaders sodat Ek nie sal kom en die land met 'n vloek tref nie. Mat 11:14; 17:10-13; Luk 1:17

Die Pad van Waarheid tot die Lewe

'n Afrikaanse vertaling van die Verbond
vanuit die Hebreeuse en Aramese Tanakh en die LXX.

K'tuvim Die Geskrifte

כתובים - Skrywes

Die derde druk

Die sewe-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die eerste boek van die Geskrifte

Tehillim

(Psalms)

תהלים - Tehillim - Lofprysing, bewondering, danksegging.
(Wat יהוה 'alleen toekom.)

Die boek is deur verskeie skrywers oor 'n lang tydperk
geskryf en reeds volledig saamgestel lank voor die laaste
profete.

1 1 Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie,
Ps 26:4,5; Spr 24:1

2 maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. Y'ho 1:8; Ps 40:5

3 Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig.

4 So is die wetsoortreders nie, maar soos kaf wat die wind wegwaai;

5 daarom sal die wetsoortreders nie beoordeel word in die oordeel van, of die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie,

6 want יהוה ken die lewenswyse van die regverdiges, maar die lewenswyse van die wetsoortreders sal vergaan.

2 1 Waarom is die nasies in opstand en beplan die volke nuttelose dinge?

2 Die konings van die aarde het standpunt ingeneem en die heersers hou saam raad teen יהוה en teen Sy Gesalfde en sê: Hand 4:26

3 "Laat ons Hulle bande stukkend skeur en Hulle toue van ons af weggooi!"

4 Hy wat in die hemele sit, lag; יהוה spot met hulle.

5 Dan sal Hy met hulle praat in Sy woede en hulle beangs maak in Sy toorn en sê:

6 "Ek het My Koning aangestel op Tziyon, My afgesonderde berg," Yeg 37:22

7 "om My belofte te verklaar. יהוה het vir My gesê: 'Jy is My Seun, vandag het Ek geboorte gegee aan jou. Mar 1:11; Luk 3:22; Hand 13:33; Heb 1:5; Heb 5:5

8 Vra van My en Ek sal sekerlik die nasies gee as Jou erfenis en die eindes van die aarde as Jou besitting. Heb 1:2

9 Jy sal hulle vernietig met 'n ysterstaf, Open 2:27; 19:15 Jy sal hulle stukkend slaan soos erdeware."

10 Nou, daarom, o konings, wys onderskeidingsvermoë; wees gewaarsku, o regters van die aarde!

11 Dien יהוה met respekvolle vrees en juig met bewing. Fil 2:12

12 Bewys eer aan die Seun sodat Hy nie kwaad word en julle op die pad vergaan nie, want Sy toorn kan gou ontvlam. Hoe gelukkig is almal wat in Hom vertrou!

3 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek, toe hy gevlug het voor sy seun Avshalom.

2 O יהוה, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.

3 Baie sê van my lewe: "Daar is geen bevryding vir hom in God nie."

4 U, יהוה, is egter 'n Skild rondom my, my lof, eer en waarde en die Een wat my kop oplig.

5 Ek het uitgeroep na יהוה met my stem en Hy het my geantwoord vanaf Sy afgesonderde berg.

6 Ek lê en het geslaap; ek het wakker geword, want יהוה ondersteun my. Ps 4:9

7 Ek sal nie bang wees vir tien duisende van mense wat hulleself rondom my opgestel het nie.

8 Staan op, יהוה, red my, o my God, want U het al my vyande op die wang geslaan; U het die tande van die wetsoortreders stukkend gebreek.

9 Verlossing behoort aan יהוה; laat U seën op U volk wees!

- 4** 1 Vir die musiekleier; op snaarinstrumente: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Antwoord my wanneer ek roep, o God van my onpartydige opregtheid! In my benoudheid het U my bevry; buig af na my in goedheid en luister na my gebed!
- 3 O manne, hoe lank sal julle my eer verdoesel? Hoe lank sal julle die waardelose liefhê, die misleiding soek?
- 4 Weet egter dat יְהוָה die getroue een vir Homself afgesonder het; יְהוָה luister as ek na Hom roep.
- 5 Word kwaad en moenie sondig nie; deurdink dit in julle harte op julle bed en wees stil. ^{Efe 4:26}
- 6 Offer die offers van onpartydige opregtheid en vertrou op יְהוָה. ^{Rom 12:1,2}
- 7 Baie sê: "Wie sal vir ons een wat goed is laat sien?" Lig die Lig van U Teenwoordigheid oor ons op, o יְהוָה!
- 8 U het groter blydschap in my verstand, wil en emosie gegee as wanneer hulle graan en hulle nuwe wyn oorvloedig is.
- 9 Ek sal beide in vrede gaan lê en gaan slaap, want U alleen, o יְהוָה, laat my in veiligheid leef. ^{Lev 26:6; Ps 3:6}

- 5** 1 Vir die musiekleier; met blaasinstrumente: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 O יְהוָה, gee gehoor aan my woorde, oorweeg my klagtes.
- 3 Luister na die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek.
- 4 In die oggend, יְהוָה, sal U my stem hoor; in die oggend sal ek dit aan U voorlê en wag,
- 5 want U is nie 'n God wat plesier put uit boosheid nie; geen wetsoortreders sal by U bly nie.
- 6 Die grootpraters sal nie voor U oë staande bly nie; U haat almal wat boosheid doen. ^{Heb 1:9}
- 7 U vernietig dié wat valsheid praat; יְהוָה verag die man van bloedvergieting en misleiding.
- 8 Wat my betref, deur U oorvloedige liefdevolle goedheid sal ek U huis ingaan, by U afgesonderde tempel sal ek neerbuig in respekvolle vrees vir U.
- 9 יְהוָה, lei my in U onpartydige opregtheid en as gevolg van my vyande, maak U pad reguit voor my.
- 10 Daar is niks betroubaar in wat hulle sê nie; hulle binne is verwoesting. Hulle keel is 'n oop graf; hulle vlei met hul tong. ^{Rom 3:13}
- 11 Verklaar hulle skuldig, o God! Laat hulle deur hul eie planne val. Gooi hulle uit in die menigte van hulle oortredinge, want hulle is rebels teen U,
- 12 maar laat almal wat op U vertrou bly wees, U vir ewig oplig en verhoog en U sal tussen hulle bly en almal wat U Karakter en Outoriteit lief het, sal deur U versterk word,
- 13 want dit is U wat die regverdige man seën, o יְהוָה, U omring hom met guns soos met 'n skild.

- 6 1 Vir die musiekleier; op snaarinstrumente; op die agt-snaar lier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 O יהוה, bestraf my nie in U woede en dissiplineer my nie in U toorn nie.
 3 Wys onverdiende guns aan my, יהוה, want ek kwyn weg; maak my gesond, יהוה, want my gebeente is ontsteld.
 4 My lewe is grootliks ontsteld, maar wat U aangaan, יהוה, hoe lank gaan dit wees?
 5 Keer terug, יהוה, red my lewe; red my as gevolg van U liefdevolle goedheid,
 6 want in die dood word U nie genoem nie; wie sal U met uitgestrekte hande in Sh'ol loof en dank?
 7 Ek is moeg van my gesug; elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bank met my tranen.
 8 My oog word swak van smart; dit het oud geword vanweë al my teëstanders.
 9 Gaan weg van my, almal wat boosheid doen, want יהוה het die stem van my gehuil gehoor. ^{Mat 7:23}
 10 יהוה het my smeekbede gehoor; יהוה het my gebed ontvang.
 11 Al my vyande sal beskaamd staan en verslaan wees; hulle sal omdraai en skielik verslane wees.

- 7 1 'n Vurige loflied van Dawid wat hy tot eer van יהוה gesing het aangaande Kush, 'n Binyaminiet.
 2 O יהוה, my God, in U skuil ek; red my van al my vervolgers en bevry my
 3 of hy sal my lewe verskeur soos 'n leeu, my wegsleep terwyl daar niemand is om my te bevry nie.
 4 O יהוה, my God, as ek hierdie ding gedoen het, as daar onreg in my hande is,
 5 as ek wraakgierig was op hom wat aan my boosheid gedoen het, of my vyande sonder rede onderdruk het,
 6 laat die vyand my agtervolg en inhaal en my lewe teen die grond vertrap en my eer en lof in die stof laat lê.
 7 Staen op, יהוה, in U woede, lig Uself op teen die woede van my teëstanders en staan op vir my; U het regverdige oordeel aangestel!
 8 Laat die vergadering van die volke U omring; om hulle onthalwe keer terug na bo!
 9 יהוה oordeel die volke. Oordeel oor my, יהוה, volgens my onpartydige opregtheid en my integriteit wat in my is.
 10 Laat die boosheid van die wetsoortreders tot 'n einde kom, maar bevestig die regverdige, o Ondersoeker van die verstand, wil en emosies en die lewens!
 11 My skild is by God wat die opregtes van verstand, wil en emosie red.
 12 God is 'n regverdige Regter en 'n God wat nie elke dag kwaad is nie.
 13 As 'n man nie berou het en omdraai nie, sal Hy Sy swaard skerp maak; Hy span Sy boog en maak dit gereed.
 14 Hy het ook vir Homself dodelike wapens voorberei; Hy maak vir Sy pyle brandende stele.
 15 Let op, die bese het korrup geword en is swanger met moeilikheid en bring valsheid voort.

- 16 Hy het 'n put gegrawe en dit uitgehol en het geval in die gat wat hy gemaak het.
 17 Sy streke sal op sy eie kop terugkom en sy geweld sal afkom op sy eie skedel.
 18 Ek sal יהוה loof en prys met uitgestrekte hande volgens Sy onpartydige opregtheid en sing en musiek maak oor die Karakter en Outoriteit van יהוה, die Allerhoogste.

- 8 1 Vir die musiekleier; op die Gittitiese harp:
 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 O יהוה, ons יהוה, hoe majestueus is U Karakter en Outoriteit (Naam) op die hele aarde! U het U grootheid en lof bo die hemele vertoon.
 3 Uit die mond van seuns en suigelingte het U, as gevolg van U teëstanders, sterkte vasgestel sodat U die vyand en die wraakgierige kan vernietig.
 4 As ek U hemele en die werk van U vingers beskou, die maan en die sterre wat U aangestel het,
 5 wat is die mens dat U aan hom dink ^{Ps 144:3; Heb 2:6-8} en die seun van 'n mens dat U vir hom omgee?
 6 Tog het U hom 'n klein bietjie minder gemaak as die engele en hom met eer, lof en majesteit aangetrek.
 7 U laat hom heers oor die werke van U hande; U het alles onder sy voete gesit: ^{Efe 1:22}
 8 alle skape en beeste en ook die diere van die veld,
 9 die voëls van die lug en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.
 10 O יהוה, ons יהוה, hoe majestueus is U Karakter en Outoriteit (Naam) op die hele aarde!

- 9 1 Vir die musiekleier; op Muth-labben (By die dood van die seun): 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 Ek wil יהוה met my hele verstand, wil en emosie, met uitgestrekte hande, loof en dank; ek sal van al U wonders vertel.
 3 In U wil ek bly wees en spring van vreugde; ek wil musiek maak en sing tot eer van U Naam (Karakter en Outoriteit), o Allerhoogste.
 4 Wanneer my vyande teruggedryf word, struikel en sterf hulle voor U Teenwoordigheid,
 5 want U het my regverdige saak en my doel bevestig; U het gaan sit op die troon, o regverdige Regter!
 6 U het die nasies bestraf, die wetsoortreders vernietig; U het hulle naam vir ewig en ewig uitgevee.
 7 Die vyande het omgekom in ewige puinhoop en U het die stede ontwortel; selfs hulle nagedagtenis is vernietig,
 8 maar יהוה bestaan vir ewig voort; Hy het Sy troon vir oordeel voorberei
 9 en Hyself sal die wêreld oordeel in onpartydige opregtheid en die volke vonnis met opregtheid.
 10 יהוה sal ook 'n vesting wees vir die onderdrukte, 'n vesting in tye van moeilikheid

- 11 en hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) ken, sal hulle vertrou in U plaas omdat U, יהוה, dié wat U soek, nie in die steek laat nie!
- 12 Sing en maak musiek tot eer van יהוה wat in Tziyon bly; verkondig Sy dade onder die volke,
- 13 want Hy het onthou om hulle bloed te vergeld; Hy vergeet nie die geroep van die geteisterdes nie.
- 14 Betoon onverdiende guns aan my, יהוה, sien my pyniging deur hulle wat my haat, U wat my oplig uit die poorte van die dood
- 15 sodat ek kan vertel van al U lofprijsinge in die poorte van die dogter van Tziyon; kan juig oor U verlossing.
- 16 Die nasies het gesink in die put wat hulle gemaak het; hulle eie voete is gevang in die net wat hulle gespan het.
- 17 יהוה maak die oordeel bekend wat Hy uitvoer. Die wetsoortreder is verstrik in die werk van sy eie hande. Higgajon (Oordink dit).
- 18 Die wetsoortreder en al die volke wat van God vergeet, sal na Sh'ol gedraai word,
- 19 want die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word, die versekerde verwagting van die geteisterdes nie vir ewig verlore gaan nie.
- 20 Staan op, יהוה, laat die mens nie seëvier nie; laat die nasies in U Teenwoordigheid geoordeel word!
- 21 Stel vir hulle 'n wetgewer aan, יהוה sodat die nasies kan weet dat hulle maar net mense is!

- 10** 1 O יהוה, waarom staan U so ver weg en hou U omgee terug in tye van moeilikheid?
- 2 In trots vervolg die wetsoortreder die geteisterde. Laat hulle vasgevang word in die komplotte wat hulle uitgedink het,
- 3 want die wetsoortreder praat groot oor die begeerte van sy verstand, wil en emosie en die gierige vloek en verag יהוה.
- 4 Die wetsoortreder, in sy hoogmoed, soek Hom nie en daar is geen god in al sy gedagtes nie.
- 5 Sy lewenswyses is altyd voorspoedig; U oordele is daar bo, buite sy sig; wat al sy teëstanders betref: hy verag hulle.
- 6 Hy sê vir homself: "Ek sal nie beweeg word nie; deur alle geslagte sal ek nie in teëspoed wees nie."
- 7 Sy mond is vol vloeke, misleiding en onderdrukking; ^{Rom 3:14} onder sy tong is streke en boosheid. ^{Ya'a 3:8-9}
- 8 Hy sit in die hinderlae by die dorpe; in skuilplekke maak hy die onskuldige dood; sy oë loer skelm vir die ongelukkige.
- 9 Hy wag in 'n skuilplek om die geteisterde te vang; hy vang die geteisterde wanneer hy hom in sy net intrek.
- 10 Hy sal verneder en omvergewerp word en in sy bene sal daar siekte en pyn wees.
- 11 Hy sê vir homself: "God het vergeet; Hy verberg Sy gesig; Hy sal dit nooit sien nie."

- 12 Staán op, יְהוָה! O God, lig U hand op; vergeet nie die geteisterdes nie!
 13 Waarom tart die wetsoortreder God? Hy het vir homself gesê: “U sal dit nie vergeld nie.”
 14 U het dit gesien, want daar is bekommernis en toorn, want U het opgelet dat hy homself in U hand oorgegee het en die behoeftige gee hom oor aan U; U is die Helper van die vaderloses.
 15 Breek die arm van die wetsoortreder en die kwaaddoener; soek deur sy boosheid en U sal niks vind nie!
 16 יְהוָה is Koning vir ewig en ewig; nasies word vernietig vanuit Sy land. ^{Yeg 20:38}
 17 יְהוָה, U het die begeerte van die nederiges gehoor; U sal hulle verstand, wil en emosie versterk, U oor sal luister
 18 om die wees en onderdrukte regverdig te verdedig sodat die mens van die aarde nie langer verskrikking sal veroorsaak nie.

- 11** 1 Vir die musiekleier; van Dawid. In יְהוָה plaas ek my vertroue. Hoe kan julle vir my sê: “Vlug na die berge soos ’n voël?”
 2 Want let op, die wetsoortreder span die boog; hulle sit die pyl gereed op die snaar om in die donker te skiet na die opregtes van verstand, wil en emosie.
 3 As hulle die fundamente vernietig het, wat kan die regverdige doen?
 4 יְהוָה is in Sy afgesonderde tempel; die troon van יְהוָה is in die hemel; Sy oë let op, Sy ooglede ondersoek die seuns van die mens.
 5 יְהוָה toets die regverdige en die wetsoortreder, maar Sy wese haat die een wat geweld lief het.
 6 Hy sal oor die wetsoortreder vangnette, vuur en swael laat reën en ’n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees, ^{Open 14:10}
 7 want יְהוָה is regverdig; Hy het onpartydige opregtheid lief; die opregtes sal Sy Teenwoordigheid sien.

- 12** 1 Vir die musiekleier; op die agt-snaar lier: ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 Red, o יְהוָה, want die Godvresendes is nie meer nie, want vertroue verdwyn onder die seuns van die mens.
 3 Hulle praat valsheid met mekaar; met vleierende lippe en dubbelhartigheid praat hulle.
 4 Mag יְהוָה al die vleierende lippe vernietig en die tong wat grootpraat,
 5 wat gesê het: “Met ons tong sal ons voortbestaan; ons lippe is ons eie! Wie is meester oor ons?”
 6 “As gevolg van die vernietiging van die geteisterdes, as gevolg van die gekerm van die behoeftiges sal Ek nou opstaan,” sê יְהוָה; “Ek sal hom in die veiligheid plaas waarna hy verlang.”
 7 Die woorde van יְהוָה is gesuiwerde woorde, soos silwer wat gelouter is in ’n smeltkroes op die aarde, sewe maal gesuiwer.
 8 U, o יְהוָה, sal hulle bewaar; U sal hom bewaar van hierdie geslag vir ewig.

9 Die wetsoortreder loop oral rond met trots wanneer vuilheid hoog geag word by die seuns van die mens.

- 13** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 Vir hoe lank, o יְהוָה, sal U my vergeet? Vir altyd? Hoe lank sal U U gesig vir my verberg?
 3 Vir hoe lank sal ek die hele dag lank smart in myself en ellende in my verstand, wil en emosie hê? Hoe lank sal my vyand oor my opgelig word?
 4 Beskou dit en antwoord my, יְהוָה, my God! Verlig my oë sodat ek nie in die dood verval
 5 sodat my vyande nie kan sê: “Ek het hom oorwin” nie en my teëstanders nie juig as ek geskud word nie.
 6 Ek het egter vertrou op U liefdevolle goedheid; my verstand, wil en emosie sal juig oor U verlossing. Ek wil sing tot יְהוָה omdat Hy aan my goed gedoen het.

- 14** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek. ^{Ps 53:2}
 Die dwaas het in sy verstand, wil en emosie gesê: “Daar is geen God nie.” Hulle is korrupt, hulle het verwerplike dade gepleeg; daar is niemand wat goed doen nie.
 2 יְהוָה het vanuit die hemel afgekyk op die seuns van die mens, om te sien of daar enige een is wat verstaan, wat na God soek.
 3 Hulle het almal afgedraai, saam het hulle korrupt geword; daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. ^{Rom 1:21; 3:12}
 4 Hulle herken nie die doeners van boosheid wat my volk opeet asof hulle brood eet nie en hulle roep יְהוָה nie aan nie.
 5 Dáár is hulle in groot angs, want God is by die regverdige geslag.
 6 Julle sal die raad van die geteisterdes tot skande maak, maar יְהוָה is sy Toevlug.
 7 Ag, dat die verlossing van Yisra'el uit Tziyon sal kom! Wanneer יְהוָה Sy gevange volk herstel, sal Ya'akov bly wees, Yisra'el verheug.

- 15** 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 יְהוָה, wie mag bly in U tent? Wie mag woon op U afgesonderde berg?
 2 Hy wat met integriteit loop, onpartydige opregtheid doen en wat die waarheid praat in sy verstand, wil en emosie.
 3 Hy skinder nie met sy tong nie en doen geen boosheid teenoor sy naaste of aanvaar geen omkoopgeskenk van sy vriend nie;
 4 in wie se oë die sedelose veragtelik is, maar hulle eer wat יְהוָה vrees. Hy sweer tot sy eie skade, maar verander dit nie.
 5 Hy wat nie sy geld uitleen teen rente nie en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nooit geskud word nie. ^{Eks 22:25}

- 16** 1 'n Gedig van Dawid.
 Bewaar my, o God, want ek soek skuiling by U.
 2 Ek het vir יְהוָה gesê: “U is my God en al my goedheid is van U.”

- 3 Vir die afgesonderdes wat op die aarde is, sê ek ook: "Hulle is die lofwaardiges in wie al my behae is."
- 4 Die smarte van hulle wat U vir 'n ander verruil het, sal vermenigvuldig word; ek sal nie hulle drankoffers van bloed uitgiet of hulle name op my lippe neem nie.
- 5 יהוה is die Deel van my erfenis en my Beker; U ondersteun my deel.
- 6 Die maatlyne het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.
- 7 Ek sal יהוה, wat my raad gegee het, loof; inderdaad onderrig my verstand my in die nag.
- 8 Ek stel יהוה voortdurend voor my. Omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie geskud word nie; Hand 2:25
- 9 daarom is my verstand, wil en emosie bly en my lof en eer juig; my vlees sal ook in veiligheid bly,
- 10 want U sal nie my lewe aan Sh'ol oorgee nie en ook nie U Afgesonderde Een verderwing laat smaak nie. Yog 20:10; Hand 13:35
- 11 U sal aan my die pad van die lewe bekend maak; in U Teenwoordigheid is daar volheid van vreugde, in U regterhand is daar plesiere vir ewig.

17 1 'n Gebed van Dawid.

- Hoor en luister na 'n regverdige saak, o יהוה, let op na my uitroep; hoor en luister na my gebed wat met onbedrieglike lippe kom.
- 2 Laat my regverdige oordeel kom vanaf U Teenwoordigheid; laat U oë regverdig kyk.
- 3 U het my verstand, wil en emosie getoets, my in die nag besoek, U het my getoets en niks onregverdig in my gevind nie. Niks het uit my mond gekom wat
- 4 volgens die misleidende dade van die mens is nie. Ek het deur die boodskap van U lippe die paaie van die gewelddenaar vermy.
- 5 U het my treë vasgehou in U spore sodat my voete nie gegly het nie.
- 6 Ek het na U geroep, want U sal my antwoord, o God! Draai U oor na my, hoor en luister na my woord!
- 7 Maak U Afgesonderde Een 'n Wonder en Verlosser vir dié wat vertrou en laat Hom oorwin oor hulle wat teen U regterhand opstaan!
- 8 Bewaar my soos 'n oogappel; beskerm my onder die skaduwee van U vlerke
- 9 teen die wetsoortreder wat my plunder, die vyande van my lewe wat my omring.
- 10 Hulle het hul gevoellose verstand, wil en emosie toegesluit; met hul mond praat hulle hoogmoedig.
- 11 Hulle het my geloof en nou omsingel hulle my; hulle het besluit om my in die grond te begrawe.
- 12 Hulle is soos 'n leeu wat begerig is om te verskeur en soos 'n jong leeu wat in wegkruipplekke skuil.
- 13 Staan op, יהוה, konfronteer hulle, verneder hulle; bevry my lewe van die wetsoortreder en die swaard.
- 14 Vanaf hulle wat deur U hand, o יהוה, sterf en van hulle wat in die graf is, verdeel hulle deel onder die lewendes; vul hul maag met U verborge skatte sodat hulle kinders tevrede kan wees en oorvloed nalaat vir hulle kinders.

15 Wat my betref, ek sal U Teenwoordigheid in onpartydige opregtheid sien; ek sal tevrede wees om wakker te word volgens U ewebeeld.

18 1 Vir die musiekleier; van Dawid, die dienskneg van יהוה, wat die woorde van hierdie lied tot יהוה gesê het op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul.

2 Hy het gesê: "Ek het U lief, יהוה, my Sterkte en Vertroue.

3 יהוה is my Rots, my Vesting en my Bevryder. My Magtige God is my Helper by wie ek skuil, my Skild en die Horing van my verlossing, my Vesting.

4 Lofwaardig is יהוה, waarop ek my beroep en so word ek van my vyande verlos.

5 Bande van die dood het my omring en strome van wetsoortreders het my deurmekaar gemaak.

6 Bande van Sh'ol was rondom my; strikke van die dood het my gekonfronteer.

7 In my benoudheid het ek יהוה aangeroep en tot my God geroep om hulp; Hy het my stem vanuit Sy tempel gehoor en my hulpgeroep het voor Hom gekom, in Sy ore.

8 Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en is geskud omdat Hy kwaad was.

9 Rook het uit Sy toorn uit opgegaan en 'n vuur vanaf Sy gesig en kole is daardeur verteer.

10 Hy het ook die hemele neergebuig en afgekom met dik donkerte onder Sy voete.

11 Hy het op gérubs gery ^{Yeg 1:4-28} en gevlieg; voortgesnel op die vlerke van die wind.

12 Hy het duisternis Sy bedekking gemaak; Sy pawiljoen rondom Hom was duisternis van waters; dik wolke in die lug.

13 Vanuit die helderheid van Sy skaduwee het Sy dik wolke haelstene en kole van vuur gereën.

14 יהוה het ook in die hemele gedonder en die Allerhoogste het Sy stem laat hoor; haelstene en kole van vuur. ^{Ps 29:3-9; Iyov 37:4}

15 Hy het Sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi - weerligstrale in oorvloed - en hulle verwar.

16 Toe het die strome van waters verskyn en die fondamente van die wêreld is blootgelê deur U bestraffing, יהוה, deur die geblaas van die asem van U woede.

17 Hy het uit die hoogte gestuur en my stilgemaak, Hy het my uit baie waters getrek.

18 Hy het my bevry van my magtige vyande en van dié wat my haat, want hulle was te sterk vir my.

19 Hulle het my konfronteer op die dag van my nood, maar יהוה was my Bevryder.

20 Hy het my uitgelei na 'n aangename plek; Hy het my gered, want Hy het Hom oor my verheug.

21 יהוה het my beloon volgens my onpartydige opregtheid; Hy het my vergeld volgens die reinheid van my hande,

22 want ek het die lewenswyses van יהוה gehou en nie in opstand gekom teen my God nie,

23 want al Sy oordele was voor my en Sy wette het ek nie van my verwyder nie.

24 Ek was ook skuldloos by Hom en het myself versigtig weerhou van my wetsoortreding;

- 25 daarom het יהוה my vergeld volgens my onpartydige opregtheid, volgens die reinheid van my hande voor Sy oë.
- 26 Met die goedhartige wys U Uself goedhartig; met die opregte man wys U Uself opreg;
- 27 met die reine wys U Uself rein, maar van die valse draai U weg,
- 28 want U verlos die geteisterde volk, maar verneder die trotses,
- 29 want U steek my lamp aan; יהוה, my God, verlig my duisternis,
- 30 want met U kan ek 'n bende rowers stormloop en met my God kan ek oor 'n muur spring.
- 31 Wat God betref: die pad van God is skuldloos; die boodskap van יהוה is suiwer; Hy is 'n Hulp vir almal wat op Hom vertrou,
- 32 want wie is god buiten יהוה en wie is magtig soos ons God?
- 33 Die God wat my met krag omgord en my pad volmaak maak;
- 34 Hy maak my voete soos dié van herte en laat my staan op hoë plekke; ^{Hav 3:19}
- 35 Hy leer my hande om oorlog te voer en versterk my arms soos 'n koper boog.
- 36 U het ook vir my die skild van U verlossing gegee, U regterhand ondersteun my en U sagtheid maak my groot.
- 37 U het my bene onder my standvastig gemaak sodat my enkels nie swak word nie.
- 38 Ek sal my vyande agtervolg en hulle inhaal en ek sal nie terugkom voordat ek hulle vernietig het nie.
- 39 Ek het hulle verbrysel sodat hulle nie kon opstaan nie; hulle het geval onder my voete,
- 40 want U het my met krag omgord vir die stryd; U het my teëstanders aan my onderwerp.
- 41 U het ook my vyande voor my uit verslaan sodat ek dié wat my haat kon stilmaak.
- 42 Hulle het geroep om hulp, maar daar was niemand om te red nie; tot יהוה, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
- 43 Toe het ek hulle fyn gemaak soos stof voor die wind; ek het oor hulle gestap soos die vuilgoed van die strate.
- 44 U sal my red uit die oordele van die volke; U sal my aan die hoof stel van nasies; 'n volk wat ek nie geken het nie, sal my dien,
- 45 sodra hulle van my hoor sal hulle my gehoorsaam, vreemdelinge sal hulleself aan my onderwerp.
- 46 Vreemdelinge sal stop en verhinder word om op hulle pad te loop.
- 47 יהוה leef. Geseënd is die Een wat aan my krag gee; laat my God en my Verlosser hoog opgelig word!
- 48 Die God wat namens my wraak neem en volke aan my onderwerp;
- 49 Hy bevry my van my vyande; sekerlik lig U my op bo die wat teen my opstaan; U red my van wettelose mense;
- 50 daarom wil ek U onder die nasies met uitgestrekte hande loof en prys, o יהוה en tot eer van U Naam (Karakter en Outoriteit) wil ek sing en musiek ^{2 Sh'm 22:50; Rom 15:9} maak.
- 51 Hy gee groot bevryding aan Sy koning en wys liefdevolle goedheid aan Sy gesalfde, aan Dawid en sy nageslag vir ewig."

- 19** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Die hemele vertel van die lof, eer en waarde van God en hulle uitgestrektheid verkondig die werk van Sy hande.
- 3 Dag na dag word boodskappe uitgestort en nag na nag word kennis openbaar.
- 4 Daar is geen spraak of taal waar hulle stem nie gehoor word nie.
- 5 Hulle goeie nuus gaan uit oor die hele aarde en hulle uitsprake tot by die einde van die wêreld. ^{Rom 1:20; 10:18} Hy het Sy tent vir die son tussen hulle gesit
- 6 en dit is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer en hom verheug soos 'n sterk man wat 'n resies hardloop.
- 7 Sy opgaan is van die einde van die hemel af en sy baan tot by die ander einde daarvan en niks is verborge vir sy hitte nie.
- 8 Die wet van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig.
- 9 Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë. ^{Rom 7:16; 1 Tim 1:8}
- 10 Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig.
- 11 Hulle is begeerliker as goud, ja, as kosbare stene en soeter as heuning uit die korf.
- 12 Meer nog, U dienskneg word daardeur gewaarsku en as hy dit hou sal hy baie beloon word.
- 13 Wie kan struikelinge verstaan? Reinig U my van verborge foute.
- 14 Hou ook U dienskneg terug van verwaande sondes sodat die bose nie oor my heers nie, dan sal ek vrygespreek wees van my sondes. ^{1 Yog 1:7-9}
- 15 Laat die woorde van my mond en die oordenkings van my verstand, wil en emosie aanvaarbaar wees voor U Teenwoordigheid, o יהוה, my Hulp en my Loskoper!

- 20** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Mag יהוה jou antwoord in die dag van benoudheid! Mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van die God van Ya'akov jou verdedig!
- 3 Mag Hy vir jou hulp stuur vanuit die Afgesonderde Plek en jou versterk vanuit Tziyon!
- 4 Mag Hy jou graanoffers onthou en jou brandoffer aanvaarbaar maak!
- 5 Mag Hy jou gee volgens jou diepste begeertes en al jou beplanning vervul!
- 6 Ons sal sing van vreugde oor jou verlossing en ons baniere ophang in die Naam (Karakter en Outoriteit) van ons God. Mag יהוה al jou versoeke vervul!
- 7 Nou weet ek dat יהוה Sy gesalfde verlos; Hy sal hom antwoord vanuit Sy afgesonderde hemel met die verlossingskrag van Sy regterhand.
- 8 Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar ons sal seëvier deur die Karakter en Outoriteit van יהוה ons God. ^{Mik 5:9; Ps 33:17; Spr 21:31}
- 9 Hulle het inmeekargesak en geval, maar ons het opgestaan en regop gestaan. ^{Y'ho 11:6}
- 10 O יהוה, red ons en mag ons Koning ons antwoord op die dag as ons roep!

- 21** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 O יהוה, die koning sal bly wees in U sterkte en in U verlossing sal hy hom grootliks verbly!
 3 U het vir hom sy hartsbegeerte gegee en die versoeke van sy lippe nie teruggehou nie,
 4 want U seën hom met goeie dinge; U sit 'n kosbare kroon op sy kop.
 5 Hy het van U lewe gevra, U het dit vir hom gegee; lengte van dae, vir ewig en ewig.
 6 Sy lof en eer is groot deur U verlossing; prag en praal en majesteit het U op hom gelê,
 7 want U maak hom vir ewig mees geseënd; U maak hom in U Teenwoordigheid met vreugde bly,
 8 want die koning vertrou in יהוה en deur die liefdevolle goedheid van die Allerhoogste sal hy nie geskud word nie.
 9 U hand sal al U vyande oormeester; U regterhand almal wat U haat.
 10 U sal hulle maak soos 'n vurige oond in die tyd van U woede; יהוה sal hulle verslind in Sy toorn en vuur sal hulle verteer.
 11 U sal hulle vrug van die aarde af vernietig en hulle nageslag vanuit die seuns van die mens,
 12 want hulle het boosheid teen U beplan; hulle het 'n listige plan beraam wat hulle nie in staat is om uit te voer nie,
 13 want U sal hulle dwing om te vlug; met U boogsnare sal U mik na hulle gesigte.
 14 Wees verhoog in U sterkte, o יהוה; ons wil sing en musiek maak oor U oorwinningskrag!

- 22** 1 Vir die musiekleier; op die wysie van: Ayeleth Hashshahar (Die hert-ooi van die sonsopkoms): 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
 2 My Magtige God, my Magtige God, waarom het U my verlaat, my verlossing is ver van my as gevolg van die woorde van my dwaasheid. Mat 27:46; Mar 15:34
 3 My God, ek roep bedags, maar U antwoord my nie en snags, maar U bly nie by my nie.
 4 Tog is U die Afgesonderde en Yisra'el bly onder U Gemanifesteerde Teenwoordigheid! Lev 19:2
 5 Op U het ons vaders vertrou; hulle het vertrou en U het hulle bevry.
 6 Hulle het na U toe uitgeroep en is bevry; in U het hulle vertrou en is nie teleurgestel nie,
 7 maar ek is 'n wurm en nie 'n man nie, 'n bespotting van die mense en verag deur die volk.
 8 Almal wat my sien, spot met my; hulle skiet uit met hulle lippe en skud hulle koppe en sê: Mat 27:39,43; Mar 15:29-31; Luk 23:35
 9 "Hy het in יהוה vertrou, laat Hy hom bevry; laat Hy hom verlos, want Hy is tevrede met hom!"
 10 Want U is my Vertroue sedert ek uit die baarmoeder gekom het en my Versekerde Verwagting sedert ek aan my moeder se bors was.

- 11 Ek is onder U sorg geplaas van die baarmoeder af; van die skoot van my moeder af is U my God.
- 12 Wees nie ver van my af nie, want moeilikheid is naby, want daar is niemand om te help nie.
- 13 Baie bulle het my omsingel, sterkes van Bashan het my omring.
- 14 Hulle monde grys teen my soos 'n verskeurende en brullende leeu.
- 15 Ek word uitgegooi soos water; ^{Mat 27:27-31} al my beendere is uit lid uit; my binneste is soos was, dit is gesmelt binne-in my.
- 16 My krag is verdroog soos 'n potskerf en my tong kleef aan my verhemelte en U gooi my neer in die stof van die dood,
- 17 want honde het my omsingel; 'n bende boosdoeners het my omring; ^{Open 22:15} hulle het my hande en my voete deurboor. ^{Yog 20:25}
- 18 My gebeentes is pynlik seer; hulle kyk en staar na my! ^{Luk 23:35}
- 19 Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my kleed, ^{Mat 27:35; Yog 19:23,24}
- 20 maar U, יהוה, wees nie ver van my nie; o God, my Hulp, hou aan om my te help!
- 21 Red my lewe van die swaard, my uniek enigste uit die hand van die geweldenaar.
- 22 Verlos my uit die bek van die leeu, my swakheid uit die hand van die gierige
- 23 sodat ek U Naam (Karakter en Outoriteit) aan my broers kan verkondig. In die middel van die vergadering sal ek U helder en duidelik prys. ^{Heb 2:12}
- 24 Julle wat יהוה respektvol vrees, prys Hom helder en duidelik! Al julle nakomelinge van Ya'akov, eer Hom; vrees Hom respektvol, al die nakomelinge van Yisra'el,
- 25 want Hy het nie die teistering van die geteisterde verag of verfoei en Sy gesig nie vir hom verberg nie, maar Hy het gehoor en geluister toe dié na Hom geroep het.
- 26 Vanaf U kom my lofprijsing in die groot vergadering; ek sal my geloftes betaal in die teenwoordigheid van dié wat Hom respektvol vrees.
- 27 Die geteisterdes sal eet en versadig word; hulle wat Hom soek sal יהוה helder en duidelik loof. Mag julle verstand, wil en emosie vir ewig lewe!
- 28 Al die eindes van die aarde sal onthou en na יהוה toe draai en al die families van die nasies sal voor U Teenwoordigheid neerbuig,
- 29 want die Koninkryk behoort aan יהוה en Hy heers oor die nasies.
- 30 Almal wat honger is op die aarde sal eet en neerbuig voor יהוה; almal wat begrawe is, sal neerbuig voor Hom; niemand kan uit homself lewe nie.
- 31 'n Nageslag sal Hom dien en hul nageslag sal יהוה verkondig;
- 32 hulle sal kom en Sy regverdigheid verkondig aan 'n volk wat gebore sal word en vertel van dit wat יהוה gedoen het.

23 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- יהוה is my Herder, ^{Yog 10:11} ek sal niks nodig hê nie.
- 2 Hy laat my rus in groen weivelde. Hy lei my langs rustige waters. ^{Yes 49:10}
- 3 Hy vernuwe my lewe.
Hy lei my op die paaie van onpartydige opregtheid, ter wille van Sy Karakter en Outoriteit (Naam).
- 4 Al loop ek deur die vallei van die skaduwee van die dood, sal ek geen boosheid vrees nie, want U is by my; U stok en U staf, hulle vertroos my. ^{Yes 3:1}

- 5 U berei 'n tafel voor my voor in die teenwoordigheid van my teëstanders;
 U salf my kop met olie; my beker loop oor.
 6 U goedheid en onverdiende guns sal my sekerlik volg al die dae van my lewe
 en ek sal vir ewig in die huis van יהוה bly. ^{Ps 84:11}

- 24** 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek. Die aarde behoort aan יהוה en alles wat daarin is, die wêreld en almal wat daarin bly,
 2 want Hy het die aarde se fondasies in die seë gevestig en aan dit riviere gegee.
 3 Wie mag opgaan op die berg van יהוה of wie mag staan in Sy Afgesonderde Plek?
 4 Hy wat rein hande en 'n suiwer verstand, wil en emosie het, ^{Ya'a 4:8; Heb 10:22} wat nie valslik by sy lewe gesweer en nie met misleiding 'n eed afgelê het nie.
 5 Hy sal die seën van יהוה en onpartydige opregtheid van God, ons Verlosser, ontvang.
 6 Dit is die geslag van hulle wat U soek, wat U Teenwoordigheid soek, o God van Ya'akov.
 7 Lig op julle koppe, o poorte en word opgelig, o ewige deure, sodat die Koning van lof, eer en waarde kan ingaan!
 8 Wie is die Koning van lof, eer en waarde?
 יהוה, sterk en magtig, יהוה magtig in die geveg.
 9 Lig op julle koppe, o poorte en word opgelig, o ewige deure, sodat die Koning van lof, eer en waarde kan ingaan!
 10 Wie is die Koning van lof, eer en waarde?
 יהוה-Tzva'ot (van die leërmag), Hy is die Koning van lof, eer en waarde vir ewig!

- 25** 1 Van Dawid.
 Tot U, יהוה, lig ek my lewe op.
 2 My God, in U vertrou ek; laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande nie oor my triomfeer nie.
 3 Ja, almal wat in U vertrou, sal nie beskaamd staan nie; laat die bose beskaamd staan met hulle nietighede.
 4 Wys my U manier van doen, o יהוה; leer my U paaie.
 5 Lei my in U waarheid en leer my, want U is my God en my Verlosser. Op U wag ek die hele dag.
 6 יהוה, onthou U sakte omgee en U liefdevolle goedheid, want dié is van ewigheid af.
 7 Onthou nie die sondes of rebellie van my jeug nie, maar onthou my volgens U onverdiende goedheid, ter wille van U goedheid, o יהוה!
 8 יהוה is goed en opreg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die manier van lewe.
 9 Hy sal die swakkes lei in die regverdige oordeel en die behoeftiges leer in Sy lewenswyse.
 10 Al die paaie van יהוה is liefdevolle goedheid en waarheid vir dié wat Sy verbond en Sy getuienisse hou.
 11 Om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil, יהוה, spreek my vry van my onregverdigheid, want dit is groot.

- 12 Wie is die man wat יְהוָה respekvol vrees? Hy sal hom leer aangaande die lewenswyse wat hy gekies het.
- 13 Hy sal lewe in voorspoed en sy nageslag sal die aarde besit.
- 14 Die geheime van יְהוָה is vir dié wat Hom respekvol vrees en Hy sal Sy verbond aan hulle bekend maak. Spr 3:32; 1 Kor 2:7
- 15 My oë is voortdurend op יְהוָה, want Hy sal my voete uit die net bevry.
- 16 Draai na my toe en bewys aan my onverdiende guns, want ek is heeltemal alleen en geteister.
- 17 Die moeilikhede van my verstand, wil en emosie is vermenigvuldig; lei U my uit my moeilikhede.
- 18 Kyk na my teistering en my moeite en vergeef al my sondes.
- 19 Kyk na my vyande, want hulle is baie en hulle haat my met 'n onregverdige haat.
- 20 Bewaar my lewe en bevry my, want ek het op U vertrou.
- 21 Die onskuldige en die opregte volg my omdat ek op U vertrou.
- 22 God, het Yisra'el verlos van al sy onderdrukkers!

- 26** ¹ Van Dawid. Beoordeel my regverdig, o יְהוָה, want ek het in my integriteit geleef en ek het op יְהוָה vertrou; daarom sal ek nie huiwer nie.
- 2 Toets my, יְהוָה en beproef my, deursoek my motiewe en my verstand, wil en emosie, 3 want U liefdevolle omgee is voor my oë en ek het in U waarheid geloop.
- 4 Ek sit nie by mense wat mislei nie en assosieer nie met mense wat voorgee nie. Ps 1:1
- 5 Ek haat die vergadering van wetsoortreders en sit nie by die kwaaddoeners nie.
- 6 Ek was my hande in onskuld en het rondom U altaar geloop, o יְהוָה
- 7 sodat ek die Stem van U lof kan hoor en vertel van al U wonderwerkende dade.
- 8 יְהוָה, ek het die gebruike van U huis lief en die plek waar U lof, eer en waarde bly.
- 9 Vernietig my nie saam met die sondaars en my lewe saam met die manne van bloedvergieting,
- 10 in wie se hande bose planne is en wie se regterhand vol is van omkoperij, nie,
- 11 maar ék sal loop in my integriteit; koop my vry en gee vir my onverdiende guns.
- 12 My voete staan op gelyke grond; in die vergadering sal ek kniel en יְהוָה seën.

- 27** ¹ Van Dawid.
- יְהוָה is my Lig en my Verlossing; vir wie sou ek vrees? יְהוָה is die Verdediger van my lewe; vir wie sou ek bang wees? Heb 13:6
- 2 As boosdoeners teen my kom om my te verteer, my teëstanders en my vyande, struikel hulle en val.
- 3 Al slaan 'n leërmag kamp op teen my, my binneste sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, sal ek daarin verseker wees.
- 4 Een ding het ek van יְהוָה gevra, dit sal ek seek: dat ek al die dae van my lewe mag bly in die huis van יְהוָה, om die lieflikheid van יְהוָה te sien en te mediteer in Sy tempel,
- 5 want op die dag van moeilikheid steek Hy my weg in Sy tent; Hy steek my weg in die geheime plek van Sy tent; Hy sal my vas laat staan op 'n rots.

- 6 Nou sal my kop hoog opgelig wees bo my vyande rondom my en daarom sal ek in Sy tent offers offer met uitroep van vreugde; ek sal sing en musiek maak tot eer van יהוה.
- 7 Hoor en luister na my stem, o יהוה, wanneer ek na U toe uitroep, wys my onverdiende guns en antwoord my.
- 8 My verstand wil en emosie sê vir U: "Laat my U Teenwoordigheid soek, o יהוה!"
- 9 Moenie U gesig van my af wegdraai nie; my moeilikheid gee in U woede nie; U is my Hulp! Verstoot en verlaat my nie, o my God en my Verlosser!
- 10 Alhoewel my vader en my moeder my sou verlaat, het יהוה my ingeneem.
- 11 Leer my U lewenswyse, יהוה en lei my op U regte paaie.
- 12 Gee my nie oor in die hande van my teëstanders nie, want valse getuies het teen my opgestaan en gewelddadig gepraat,
- 13 maar ek het vertrou dat ek die goedheid van יהוה sal sien in die land van die lewendes.
- 14 Wag op יהוה! Wees onveranderlik dapper en vol vertroue! Ja, wag op יהוה!

28 ¹ Van Dawid.

- Ek roep uit na U, o יהוה! My Rots, wees nie stil teenoor my nie; as U stilbly teenoor my, word ek soos dié wat afgaan in die put.
- 2 Hoor en luister na die stem van my smeking as ek na U om hulp uitroep, wanneer ek my hande oplig na U Afgesonderde tempel.
- 3 Ruk my nie weg saam met die wetsoortreders en die werkers van boosheid, wat van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid praat met hulle naaste, maar daar is boosheid in hulle verstand, wil en emosie, nie.
- 4 Beloon hulle volgens hul dade en volgens hul bose praktyke. Beloon hulle volgens die dade van hulle hande, dit wat hulle verdien.
- 5 Omdat hulle nie die dade van יהוה of die werk van Sy hande verstaan nie, sal Hy hulle afbreek en hulle nie opbou nie. ^{2 Kor 3:14-18}
- 6 Geseënd is יהוה, want Hy het na die stem van my smeking geluister.
- 7 יהוה is my Helper en my Skild; my verstand, wil en emosie vertrou op Hom en ek is gehelp; daarom sal ek spring van vreugde en Hom loof en dank met my hande uitgestrek.
- 8 יהוה is die Sterkte vir Sy volk en Hy is die Beskerming van die verlossing van Sy gesalfde.
- 9 Red U volk, seën U erfenis en wees vir hulle 'n Herder en versorg hulle vir ewig.

29 ¹ 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- Gee aan יהוה, o seuns van magtiges, gee aan יהוה eer, lof en aanbidding!
- 2 Gee aan יהוה die eer, lof en aanbidding waardig aan Sy Karakter en Outoriteit; val neer voor יהוה in die hof van Sy Afgesonderde tempel!
- 3 Die stem van יהוה is oor die waters, die God van eer, lof en aanbidding donder; יהוה is oor baie waters. ^{Yir 10:13}
- 4 Die stem van יהוה is kragtig; die stem van יהוה is vol majesteit.

- 5 Die stem van יהוה breek die seders; ja, יהוה verbreek die seders van L'vanon.
 6 Hy laat L'vanon ook spring soos 'n kalf en Siryon soos 'n wilde bul (Aurogs).
 7 Die stem van יהוה verdeel die vlamme van vuur.
 8 Die stem van יהוה skud die wildernis; יהוה skud die wildernis van Kadesh.
 9 Die stem van יהוה laat die takbokke lam en stroop die woude kaal; in Sy tempel praat elkeen van Sy lof, eer en waarde!
 10 יהוה beheer die vloed; ja, יהוה sit as Koning vir ewig.
 11 יהוה sal krag aan Sy volk gee, יהוה sal Sy volk seën met vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.

30 1 'n Gedig met instrumentale musiek; 'n lied by die inwyding van die huis van Dawid.

- 2 Ek sal U hoog oplig, יהוה, want U het my opgetrek en nie my vyande hul oor my laat verheug nie.
 3 יהוה, my God, ek het uitgeroep na U toe en U het my gesond gemaak.
 4 יהוה, U het my lewe uit Sh'ol laat opkom; U het my gered sodat ek nie saam met hulle in die put afgaan nie.
 5 Sing en maak musiek tot יהוה, o julle afgesonderdes van Hom; loof en dank Hom met uitgestrekte hande by die onthou van Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit),
 6 want daar is teregwysing in Sy woede en lewe in Sy aanvaarding; gehuil mag duur vir die nag, maar blydschap kom in die oggend.
 7 Ek het in my rustige sekuriteit gesê: "Ek sal nooit wankel nie."
 8 יהוה, in U onverdiende guns het U my stewig laat staan. U het U gesig weggedraai en ek was benoud!
 9 Ek het tot יהוה uitgeroep en tot יהוה gesmeek:
 10 "Watter voordeel is daar in om my bloed te stort as ek afgaan na vernietiging? Die stof sal U nie loof en dank of U waarheid verkondig nie.
 11 Hoor en luister, יהוה en bewys onverdiende guns aan my! יהוה, wees U my Helper!
 12 U het my droefheid in 'n dans verander, U het my rouklere afgegooi en my met oorweldigende blydschap omgord
 13 sodat ek met eer en lof tot U kan sing en musiek maak en nie stilbly nie. יהוה, my God, ek sal U vir ewig loof en dank met uitgestrekte hande.

31 1 Vir die musikleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- 2 In U, יהוה, plaas ek my vertroue; laat my nooit beskaamd staan nie. Bevry my deur U onpartydige opregtheid.
 3 Draai U oor na my toe en antwoord my gou; wees U vir my die Magtige God, die Helper, die Huis van skuiling en red my,
 4 want U is my Rots en my Vesting; daarom, om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil, vertroos my en lei my.
 5 Trek my uit die net wat hulle in die geheim vir my gespan het, want U is my Beskermer.

- 6 In U hand gee ek my gees oor; U het my verlos, יְהוָה, God van waarheid.
 7 Ek haat hulle wat valse aanbidding onderhou, maar ék vertrou in U, יְהוָה.
 8 Ek wil in die rondte swaai van vreugde en blydschap in U goedheid en guns omdat U my pyniging gesien, my lewe in sy teisteringe geken en my nie oorgelewer het
 9 in die hand van my vyande nie. U het my voete in rustigheid gevestig.
 10 Wys onverdiende guns aan my, יְהוָה, want ek is benoud; my oog word swak deur woede, ja, my lewe en my liggaam,
 11 want my lewe kwyn weg van verdriet en my jare van gesug; my krag faal as gevolg van my onregverdigheid en my gebeente teer weg.
 12 As gevolg van my teëstanders het ek 'n voorwerp van skande geword vir my bure en 'n voorwerp van skrik vir die wat my ken. Die wat my op straat sien, vlug weg van my af.
 13 Ek is vergete, uit die gedagtes soos 'n dooie man; ek is soos 'n gebreekte houer,
 14 want ek het die skindertaal van baie mense gehoor terwyl hulle saam raad hou teen my en beplan om my lewe te neem.
 15 Ek vertrou egter op U, יְהוָה! Ek sê: "U is my God, יְהוָה."
 16 Tye is in U hand; red my uit die hand van my vyande en van die wat my vervolg.
 17 Laat U gesig skyn oor U kneg, verlos my deur U liefdevolle goedheid.
 18 Laat my nie beskaamd staan nie, יְהוָה, want ek roep uit na U; laat die wetsoortreders beskaamd staan en laat hulle stil wees in Sh'ol!
 19 Laat die valse lippe stom word wat arrogant met trots en veragting teen die regverdige praat.
 20 O, hoe groot is U goedheid wat U opgegaar het vir dié wat U respekvol vrees, wat U uitgewerk het vir hulle wat in U vertrou in die teenwoordigheid van die mense!
 21 U steek hulle weg in die geheime plek van U Teenwoordigheid van die sameswerings van mense; U steek hulle in U skaduwee weg van die strydlustige tonge.
 22 Geseënd is יְהוָה, want Hy het Sy liefdevolle goedheid vir my, in 'n beleërde stad, wonderbaarlik gemaak.
 23 Ek het in my haas gesê: "Ek is verlore van voor U oë." Nogtans het U na die stem van my smeking geluister toe ek uitgeroep het na U.
 24 Julle moet יְהוָה liefhê, al sy getroues! יְהוָה bewaar die getroues en vergeld die trotses ten volle.
 25 Almal wat in versekerde verwagting op יְהוָה wag, wees dapper en Hy sal julle verstand, wil en emosie versterk!

32 1 'n Onderiggewende gedig van Dawid.

- Geseënd is hy wie se oortreding van die wet vergewe en wie se sonde uitgevee is.
 2 Geseënd is die mens aan wie יְהוָה sy onregverdigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. ^{Rom 4:8}
 3 Omdat ek die hele dag lank in stilte gely het, het my gebeente oud geword in my diepe slaap,
 4 want U hand was dag en nag swaar op my; intense pyn het in my hart ontwikkel, genoeg om my dood te maak.

- 5 Ek het my sonde teenoor U erken en my onregverdigheid het ek nie vir U weggesteek nie. Ek het gesê: “Ek sal al my wetsoortredinge aan יהוה bely” en U het al my sondes vergewe;
- 6 daarom, laat elke getroue nou tot U bid; sekerlik sal selfs die vloede van baie waters nie naby hom kom nie.
- 7 U is my Skuilplek; U beskerm my teen my vyande; U sal my omring met 'n lied van bevryding.
- 8 “Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die pad wat jy moet gaan; Ek wil aan jou raad gee en My oog op jou hou.” ^{Ps 1:1}
- 9 Moenie soos 'n perd of 'n muil wees wat geen begrip het nie, wat 'n mens van kleins af moet tem met toom en teuel nie; niemand kom naby hulle nie.”
- 10 Die wetsoortreders het baie smarte, maar hy wat op יהוה vertrou, sal deur liefdevolle goedheid omring word.
- 11 Verheug jou in יהוה en swaai in die rondte van vreugde, regverdiges! Sing van vreugde, almal wat opreg van verstand, wil en emosie is!

- 33** 1 Sing van vreugde in יהוה, o regverdiges! Lofprysing pas by die opregtes.
- 2 Loof en dank יהוה met die harp en siter; sing en maak musiek vir Hom met die tiensnarige harp.
- 3 Sing vir Hom 'n nuwe lied; speel bekwaam met vreugdevolle klanke,
- 4 want die boodskap van יהוה is opreg en al Sy dade word in waarheid gedoen.
- 5 Hy het onpartydige opregtheid en regverdige oordeel lief; die aarde is vol van die goedheid van יהוה.
- 6 Deur die woord van יהוה is die hemele gemaak en deur die asem van Sy mond hulle hele leërmag. ^{Gen 1}
- 7 Hy maak die waters van die seë bymekaar soos in 'n hoop watersakke; Hy bêre die waterdieptes weg in stoorkamers.
- 8 Laat die hele aarde יהוה vrees; laat al die bewoners van die wêreld met respekvolle vrees voor Hom staan,
- 9 want Hy het gepraat en dit is gedoen; Hy het beveel en dit het vas gestaan.
- 10 יהוה bring die raad van die nasies tot niks, Hy verbied die planne van die volke.
- 11 Die raadgeving van יהוה staan vir ewig, die gedagtes van Sy verstand, wil en emosie in alle geslagte.
- 12 Geseënd is die nasie wie se God יהוה is, die volk wat Hy vir Homself as erfenis gekies het.
- 13 יהוה kyk van die hemel af; Hy sien al die seuns van die mens.
- 14 Vanaf Sy troon kyk Hy af op al die inwoners van die aarde.
- 15 Hy vorm hulle hele verstand, wil en emosie, beoordeel al hulle dade.
- 16 Die koning word nie gered deur die menigte van die leërmag, die sterk manne nie deur groot krag nie.
- 17 Die perd is 'n vals hoop vir oorwinning en red niemand deur sy groot krag nie.
- 18 Let op, die oog van יהוה is op dié wat Hom respekvol vrees, op dié wat met versekerde verwagting op Sy onverdiende guns wag,
- 19 om hulle lewe te red van die dood en hulle aan die lewe te hou in hongersnood.
- 888

- 20 Ons wag op יהוה; Hy is ons Hulp en ons Skild,
 21 want ons verstand, wil en emosie is verheug in Hom omdat ons vertrou in Sy
 Afgesonderde Karakter en Outoriteit.
 22 Laat U goedheid, יהוה, oor ons wees volgens ons aktiewe verwagting in U!

- 34** 1 Van Dawid, toe hy sy optrede voor Avimelekh verander het en dié hom
 weggejaag en hy vertrek het.
 2 Ek sal altyd voor יהוה neerkniel; Sy lofprysing sal voortdurend in my mond wees.
 3 My lewe sal homself altyd beroem op יהוה; ^{Yir 9:22-24; 1 Kor 1:31} die nederiges sal dit hoor
 en hulle verheug.
 4 Maak יהוה saam met my groot en laat ons saam Sy Karakter en Outoriteit (Naam)
 verhoog!
 5 Ek het יהוה gesoek en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees bevry.
 6 Kyk na Hom en vertrou in Hom en julle sal nooit teleurgesteld wees nie.
 7 Hierdie arme man het na Hom geroep en יהוה het hom gehoor en hom gered uit al
 sy moeilikhede uit.
 8 Die boodskapper van יהוה slaan kamp op rondom dié wat Hom respekvol vrees en
 bevry hulle.
 9 Kyk en sien dat יהוה goed is; ^{1 Kef 2:3} geseënd is die man wat in Hom vertrou!
 10 Vrees יהוה respekvol, julle Sy afgesonderdes, want vir hom wat Hom vrees, is daar
 geen gebrek nie.
 11 Die jong leus ly gebrek en het honger, maar dié wat יהוה soek, sal nie gebrek hê
 aan enige goeie ding nie.
 12 Kom, julle seuns, luister na my; ek sal vir julle die respekvolle vrees van יהוה leer.
 13 Wie is die man wat lewe begeer en die dae om die goeie te kan sien, lief het?
 14 Weerhou jou tong van boosheid en jou lippe daarvan om bedrog te praat. ^{Ya'a 1:26}
 15 Gaan weg van die boosheid en doen wat goed is; soek vrede, vreugde, gesondheid,
 voorspoed en vergenoegdheid en jaag dit na.
 16 Die oë van יהוה is op die regverdige en Sy ore oop om hulle te hoor. ^{Mal 3:16; Ya'a 1:25}
 17 Die gesig van יהוה is teen die boosdoeners, om die herinnering aan hulle van die
 aarde af uit te roei.
 18 Die regverdige roep uit en יהוה hoor en red hulle uit al hul moeilikhede.
 19 יהוה is naby dié wat gebroke is van verstand, wil en emosie en Hy verlos dié wat
 nederig is van gees.
 20 Die teistering van die regverdige is baie, maar יהוה bevry hom uit almal.
 21 Hy behou al sy bene, nie een daarvan word gebreek nie. ^{Yog 19:36}
 22 Boosheid sal die wetsoortreders doodmaak en dié wat die regverdige haat, sal
 vernietig word.
 23 יהוה koop die lewe van Sy diensknegte los en nie een wat in Hom vertrou sal
 veroordeel word nie.

- 35** 1 Van Dawid. יְהוָה, verdedig my saak teen dié wat met my twis; baklei teen dié wat teen my baklei!
- 2 Gryp die klein skild en die grote en staan op tot my hulp!
- 3 Trek die swaard uit en swaai dit teen hulle wat my vervolg! Sê vir my lewe: “Ek is jou Verlosser!”
- 4 Laat hulle wat my lewe soek, in verwarring kom en beskaamd staan; laat hulle wat boosheid teen my beplan, omgedraai en verneder word!
- 5 Laat hulle wees soos kaf voor die wind terwyl die boodskapper van יְהוָה hulle jaag.
- 6 Laat hulle pad duister en glibberig wees en die boodskapper van יְהוָה hulle vervolg,
- 7 want sonder rede het hulle 'n put vir my gegrawe en 'n net teen my lewe gespan.
- 8 Laat verwoesting onverwags oor hulle kom en laat sy net, wat hy gespan het, hom vang; laat hulle val in dieselfde put wat hulle gegrawe het!
- 9 My lewe sal in die rondte swaai van vreugde in יְהוָה, dit sal vreugdevol wees in Sy verlossing.
- 10 Al my beendere sal sê: “יְהוָה, wie is soos U? Wie red die geteisterde van hulle wat sterker is as hy; ja, die geteisterde en behoeftige van hom wat sy eiendom met geweld wegvat!”
- 11 Valse getuies staan op, hulle kla my aan van dinge wat ek nie weet nie.
- 12 Hulle betaal my kwaad vir goed terug en vernietig my reputasie voor mense,
- 13 maar ek, toe hulle siek was, het ek 'n roukleed gedra; ek het my lewe nederig gemaak deur vas en my gebed het aangehou terugkeer na my binneste.
- 14 Ek het my gedra asof hulle my vriende of broers is; ek het laag neergebuig soos een ellendig in diepe rou,
- 15 maar toe ek struikel, het hulle bymekaargekom en hulle verheug; hulle het vir 'n lang tyd teen my bymekaargekom en ek het dit nie geweet nie.
- 16 Met hulle grootpraterij en spot kners hulle die tande teen my.
- 17 יְהוָה, hoe lank sal dit aanhou? Red my lewe van hulle vernietiging, my absoluut enigste een van die leuens.
- 18 Ek sal U loof en dank met uitgestrekte hande in die groot vergadering; onder 'n groot skare sal ek U helder en duidelik loof.
- 19 Laat my vyande hulle nie oor my verheug nie; ook nie dié wat my sonder rede haat nie; ^{Yog 15:25} hulle knip die oë kwaadwillig, ^{Spr 6:13; 10:10}
- 20 want hulle praat nie van vrede nie, maar hulle bedink misleidende woorde teen dié wat stil is in die land.
- 21 Hulle maak hul mond groot oop teen my. Hulle het gesê: “Aha, aha, ons oog het dit gesien!”
- 22 U het dit gesien, o יְהוָה, moenie stilbly nie. יְהוָה, wees nie ver van my af nie!
- 23 Ontwaak en staan op vir my regverdige oordeel; sien my lyding, my God en my Meester, יְהוָה.
- 24 Oordeel oor my volgens U regverdigheid, יְהוָה, my God en laat hulle hul nie oor my verheug nie!

- 25 Laat hulle nie in hul verstand, wil en emosie sê: "Ons het van hom ontslae geraak en hom begrawe," nie.
- 26 Laat hulle wat my boosheid toewens beskaamd staan en in verwarring gebring word; laat hulle wat hulself bo my oplik, met skande en oneer bekleed word!
- 27 Laat hulle wat bly is oor my oorwinning sing van vreugde en bly wees; ja, laat hulle voortdurend sê: "Groot is יהוה wat bly is oor die vrede van Sy diensknecht!"
- 28 My tong sal U regverdigheid heeldag lank verkondig en U loof en prys.

36 ¹ Vir die musiekleier; van Dawid, die knecht van יהוה.

- 2 Die wetsoortreder gee geboorte aan boosheid in sy verstand, wil en emosie. Daar is geen respekvolle vrees van God voor sy oë nie. ^{Rom 3:18}
- 3 Hy is onwillig om sy sonde vergewe te sien of om hulle te haat.
- 4 Die woorde van sy mond is boosheid en bedrog; hy is onwillig om goed te doen.
- 5 Hy beplan oortreding van die wet op sy bed; hy loop op 'n pad wat nie goed is nie en verag nie die boosheid nie.
- 6 O יהוה, U goedheid strek tot in die hemele, U getrouheid tot in die ruimte.
- 7 U onpartydige opregtheid is soos die berge van God; U oordeel is soos 'n groot diepte. יהוה, U bewaar mens en dier!
- 8 Hoe kosbaar is U liefdevolle goedheid, o God; daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van U vlerke.
- 9 Hulle floreer in die oorvloed van U huis en U sal hulle laat drink van die aangename waters uit U fontein,
- 10 want by U is die fontein van lewe; ^{Open 21:6} in U Lig sien ons lig.
- 11 Laat U liefdevolle goedheid voortduur vir dié wat U ken en U onpartydige opregtheid vir die opregtes van verstand, wil en emosie.
- 12 Laat die voet van die trotse nie teen my kom nie en laat die hand van die wetsoortreder my nie verdryf nie.
- 13 Daar het die werkers van boosheid geval; hulle is neergegooi en kan nie weer opstaan nie.

37 ¹ Van Dawid.

- Moenie jaloers wees op die wetsoortreders of afgunstig wees op die werkers van onregverdigheid nie,
- 2 want soos gras sal hulle gou verwelk en soos groen kruie sal hulle wegwyn.
- 3 Vertrou op יהוה en doen goed; bly in die land en soek na getrouheid.
- 4 Vertrou in יהוה, dan sal Hy jou innerlike begeertes aan jou gee. ^{Ya'a 1:6}
- 5 Vertrou jou pad aan יהוה toe en vertrou Hom en Hy sal dit uitvoer.
- 6 Hy sal jou onpartydige opregtheid laat uitkom soos die lig en jou regverdige oordeel soos die middag.
- 7 Rus in יהוה en wag geduldig op Hom; wees nie afgunstig op hom wat boosheid doen en voorspoedig is in sy lewe nie.
- 8 Hou op kwaad word en los die toorn; moenie jou opwerk, wat lei tot boosheid, nie,

- 9 want die boosdoeners sal afgesny word, maar dié wat op יהוה vertrou, hulle sal die aarde erf.
- 10 Nog 'n klein rukkie en die wetsoortreder sal daar nie meer wees nie; ja, jy sal soek na sy plek en hom nie vind nie.
- 11 Die nederige sal egter die aarde erf ^{Mat 5:5} en hulle verheug in die oorvloed van vrede.
- 12 Die wetsoortreder beplan teen die regverdige en kners met sy tande teen hom.
- 13 יהוה lag vir hom, want Hy sien dat sy dag kom.
- 14 Die wetsoortreders trek hulle swaard en buig hulle boë om die geteisterdes en behoeftige te laat val, om dié neer te slaan wat opreg lewe.
- 15 Hulle swaard sal in hul eie hart ingaan en hulle boë sal verbreek word.
- 16 Die klein bietjie wat die regverdige man het, is beter as die oorvloed van baie wetsoortreders,
- 17 want die arms van die wetsoortreder sal gebreek word, maar יהוה ondersteun die regverdiges.
- 18 יהוה ken die dae van die opregtes en hulle erfenis sal vir ewig bly.
- 19 Hulle sal nie beskaamd staan in die tyd van boosheid nie en in dae van hongersnood sal hulle versadig word,
- 20 maar die wetsoortreder sal omkom en die vyande van יהוה soos die prag van die weivelde wat verdwyn; hulle verdwyn soos rook.
- 21 Die wetsoortreder leen en gee nie terug nie, maar die regverdige wys guns en gee,
- 22 want die wat deur Hom geseën word, sal die aarde erf, maar die wat deur Hom vervloek word, sal vernietig word.
- 23 Die treë van 'n goeie man word deur יהוה bevestig en Hy is verheug oor sy lewe.
- 24 Alhoewel hy val, sal hy nie seerkry nie, want יהוה hou hom op met Sy hand.
- 25 Ek was jonk en nou het ek oud geword, maar ek het nooit die regverdige verlate gesien, of sy nageslag gesien bedel vir brood nie.
- 26 Die hele dag lank gee hy om en leen uit en sy nageslag is 'n seën.
- 27 Bly weg van wat boos is en doen goed en jy sal vir ewig rus,
- 28 want יהוה het die regverdige oordeel lief en sal sy afgesonderdes nie verlaat nie; vir ewig word hulle bewaar, maar die nageslag van die wetteloses word vernietig.
- 29 Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop bly.
- 30 Die mond van die regverdige uiter wysheid en sy tong praat van regverdige oordeel.
- 31 Die wet van sy God is in sy verstand, wil en emosie; ^{Ps 40:9} sy voete sal nie gly nie.
- 32 Die wetsoortreders lê en wag op die regverdige en soek om hom dood te maak.
- 33 יהוה sal hom nie in hulle hande laat bly nie en hom nie laat veroordeel word wanneer hy deur hulle geoordeel word nie.
- 34 Wees afwagtend op יהוה en hou Sy lewenswyse en Hy sal jou oplig om die aarde te erf; wanneer die wetsoortreder afgesny word, sal jy dit sien.
- 35 Ek het die wetsoortreder gesien groot praat terwyl hy homself uitsprei soos 'n taai boom in die woud.
- 36 Tog, toe ek verbygaan, let op, was hy nie daar nie; ek het hom gesoek, maar hy kon nie gekry word nie.

37 Lig die volmaakte hoog en kies die opregte, want daar is 'n goeie toekoms vir die man van vrede,
 38 maar die sondaars sal saam vernietig word; die toekoms van die wetsoortreders is vernietiging,
 39 maar die Verlosser van die regverdiges is יְהוָה, Hy sal hulle help in tyd van moeilikheid.
 40 יְהוָה help hulle en bevry hulle; Hy bevry hulle van die wetsoortreders en red hulle, want hulle vertrou op Hom.

38 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek, as 'n herdenking.
 2 O יְהוָה, bestraf my nie in U toorn en kasty my nie in U vurige woede nie,
 3 want U pyle het in my ingedring en U hand het swaar op my gedruk.
 4 Daar is geen heel plek in my vlees vanweë U toorn nie; daar is geen rus in my gebeente vanweë my sonde nie,
 5 want my oortredinge van die wet het oor my kop gegaan; soos 'n swaar las het hulle vir my te swaar geword.
 6 My wonde stink en sig vanweë my dwaasheid.
 7 Ek is krom gebuig en baie gepla; ek loop die hele dag en treur,
 8 want my lendene is vol ontsteking en daar is niks gesond in my vlees nie.
 9 Ek is verswak en ellendig; ek kreun van die wanhoop in my binneste.
 10 יְהוָה, al my begeertes is voor U en my gekreun is nie vir U verborge nie.
 11 My hart klop vinnig, my krag het my verlaat; die lig van my oë, ook dit is weg van my af.
 12 My vriende en dié wat my lief het staan opsy vanweë my smart en my familie staan ver weg.
 13 Die wat my lewe soek, span strikke en die wat boosheid beplan, praat van vernietiging en hulle beplan die hele dag lank bedrog,
 14 maar ek, soos 'n dowe hoor ek nie en soos 'n stomme maak ek nie my mond oop nie.
 15 Ja, ek is soos 'n man wat nie hoor nie en in wie se mond geen argument is nie,
 16 want op U, יְהוָה, is my versekerde verwagting; U sal my antwoord, יְהוָה my God!
 17 Ek het gesê: "Laat hulle nie bly wees oor my nie! Hulle wat met my spot wanneer my voet struikel,"
 18 want ek is gereed om te val en my smart is voortdurend voor my.
 19 Ek sal my wetsoortredinge tot U bely, ek sal my reinig van my sonde,
 20 maar my vyande is lewenslustig en sterk en daar is baie wat my verkeerdelik haat.
 21 Dié wat kwaad vir goed vergeld, staan my teë omdat ek die goeie najaag.
 22 Verlaat my nie, o יְהוָה! My God, wees nie ver van my af nie!
 23 Maak gou om my te help, יְהוָה, my Redder!

- 39** 1 Vir die musiekleier; aan Y'dutun: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Ek het gesê: "Ek wil oplet na my lewenswyse dat ek nie sondig met my tong nie; ek sal die woorde van my mond in toom hou solank die bose in my teenwoordigheid is." ^{Y'a'a 1:26}
- 3 Ek was stom en stil, ek het my selfs van die goeie weerhou, maar my smart het erger geword.
- 4 My hart was warm binne-in my en my liggaam was aan die brand; toe het ek met my tong gepraat:
- 5 "יהוה", wys my my einde en die lengte van my dae; laat my weet hoe verganklik ek is.
- 6 Let op, U het 'n beperking op my dae geplaas en my ouderdom is soos niks voor U nie; ja, elke mens staan voor U as net 'n asemteug!
- 7 Waarlik, elke mens loop rond soos 'n skynbeeld; hy verdwyn soos 'n asem; hy begrawe skatte en weet nie wie dit bymekaar sal maak nie.
- 8 Van nou af, wat is my versekerde verwagting, behalwe in U, יהוה?
- 9 Bevry U my van al my wetsoortredinge; maak my nie 'n bespotting van die onregverdige nie.
- 10 Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie, want U het dit gedoen.
- 11 Neem U katshoue van my af weg; ek is neergeslaan deur die houe van U hand.
- 12 Ek word verteer deur bestraffing as gevolg van my sonde; U dissiplineer 'n man en verwyder sy begeertes soos stoppels; ^{Heb 12:6} waarlik, elke mens is soos 'n asemteug!
- 13 Hoor my gebed, יהוה, luister na my uitroep; moenie stilbly by my trane nie, want ek is 'n besoeker by U en 'n vreemdeling soos al my vaders was.
- 14 Bevry my sodat ek in vrede kan rus voordat ek heengaan en nie meer is nie."

- 40** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Ek het geduldig op יהוה gewag en Hy het Hom na my toe gedraai en my smeekgebed gehoor.
- 3 Hy het my uit die verskriklike put opgetrek, uit die slik van vernietiging en my voete op 'n rots gesit en my rigting bepaal.
- 4 Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op יהוה vertrou.
- 5 Geseënd is die man wie se vertroue in יהוה is en hom nie draai na trotsheid en leuengesprekke nie. ^{Ps 1:1,2}
- 6 Baie wonderwerkende daade het U vir ons gedoen, יהוה, my God en vir ons omgee; ek het verklaar dat daar te veel is om te tel. Daar is niemand soos U nie.
- 7 U het nie offers of spysoffers begeer nie; wat my betref, ek het nou begrip; brandoffer en sondoffer het U nie vereis nie. ^{Ps 51:18-21; 1 Sh'm 15:22; Hos 6:6; Mat 9:13; Mat 12:7}
- 8 Toe het ek gesê: "Let op, ek kom; in die deel van die boekrolle is dit van my geskryf.

- 9 O my God, ek verheug my daarin om U wil te doen; ^{Heb 10:7} U wet is binne-in my verstand, wil en emosie.” ^{Yes 51:7; Ps 37:31}
- 10 Ek het U onpartydige opregtheid in die groot vergadering verkondig; let op, ek het nie my lippe bedwing nie, יהוה, U weet dit.
- 11 U onpartydige opregtheid het ek nie in my verstand weggesteek nie; ek het U betroubaarheid en U verlossing verkondig; ek het nie U liefdevolle goedheid en U waarheid vir die groot vergadering weggesteek nie.
- 12 Weerhou nie U liefdevolle omgee van my nie, יהוה; laat U liefdevolle goedheid en waarheid my voortdurend bewaar,
- 13 want ontelbare booshede het my omring; my wetsoortredinge het my ingehaal sodat ek nie kan opkyk nie; hulle is meer as die hare op my kop en my hart faal in my.
- 14 יהוה, wees bly om my te red; יהוה, gaan voort om my te help!
- 15 Laat hulle wat my lewe soek, om dit te vernietig, beskaamd staan en verneder word; laat hulle wat boosheid oor my begeer teruggedryf word en tot skande kom.
- 16 Laat hulle wat vir my sê: “Ha, ha!” omvergewerp word vir hulle verwerplike optrede!
- 17 Laat almal wat U soek, hulle verheug en in U vrolik wees; laat dié wat U verlossing lief het altyd deur sê: “Groot is יהוה!”
- 18 Ek is egter geteister en behoeftig; יהוה hulle het teen my saamgesweer; U is my Hulp en my Redder; my God, moenie uitstel nie!

- 41** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Geseënd is hy wat vir die armes sorg; יהוה sal hom bevry in die dag van moeilikheid.
- 3 יהוה sal hom bewaar en hom aan die lewe hou en Hy sal hom seën op die aarde. Hy sal hom nie oorgee in die hand van sy vyande nie.
- 4 יהוה sal hom versterk op sy siekbed; hy sal heeltemal herstel van sy siekte.
- 5 Ek het gesê: “יהוה, gee my onverdiende guns en genees my, want ek het teen U gesondig.”
- 6 My vyande praat boos teen my: “Wanneer sal hy sterf en sy naam vergaan?”
- 7 Wanneer hulle kom om my te sien, dan praat hulle valshede en hulle verstand, wil en emosie beplan booshede; hulle gaan uit in die straat en skinder van my.
- 8 Almal wat my haat fluister saam oor my; hulle beplan boosheid teen my.
- 9 Hulle dink onregverdigte beskuldigings teen my uit en sê: “Noudat hy siek in sy bed lê, sal hy nie weer opstaan nie.”
- 10 Selfs die man wat my besoek, in wie ek vertrou het, wat my brood eet, het sy hakskeen teen my opgelig, ^{Yog 13:18}
- 11 maar U, יהוה, gee my onverdiende guns en genees my sodat ek hulle mag terugbetaal!
- 12 Hieraan weet ek dat U tevrede is met my: dat my vyande nie oor my juig nie.
- 13 U hou my in my integriteit omhoog en sit my in U Teenwoordigheid vir ewig.
- 14 Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, vanaf ewigheid tot in ewigheid! Dit is 'n ewige waarheid. ^{Luk 1:68}

- 42** 1 Vir die musiekleier: 'n onderriggewende gedig van die seuns van Korag.
 2 Soos 'n takbok smag na waterstrome, so smag my lewe na U, o God! ^{Yo'el 1:20}
 3 My lewe dors na U, o lewende God; wanneer sal ek in U Teenwoordigheid kom?
 4 My trane is my kos dag en nag terwyl hulle aanhoudend vir my sê: "Waar is jou God?"
 5 Wanneer ek hierdie dinge onthou, is my lewe ontsteld in my; daarom sal ek die magtige vesting ingaan, die huis van God, met 'n stem vol blydschap en verering, met uitgestrekte hande; saam met almal wat die fees hou!
 6 Waarom is jy bemoeid, o my lewe en waarom is jy verwilderd? Behou versekerde verwagting in God, want ek sal Hom steeds loof en dank met uitgestrekte hande, my God en die Redder van my eer!
 7 O, my God, my lewe is benoud in my; daarom sal ek U onthou vanuit die land van die Yarden, vanaf die berg Hermon en vanaf die heuwel Mitzar.
 8 Die diepe waters roep na die diepe waters by die gedruis van U watervalle; al U golwe en U branders het oor my gegaan.
 9 Tog sal יהוה Sy liefdevolle goedheid in die dag beveel en in die nag sal Sy lied by my wees, 'n gebed tot die Lewende God.
 10 Ek sal vir God sê: "My Rots, waarom het U my vergeet? Waarom gaan ek in rou deur my vyande se onderdrukking?
 11 Wanneer my gebeentes gebreek word, spot my teëstanders met my terwyl hulle elke dag vir my sê: "Waar is jou God?"
 12 Waarom is jy omgekrap, o my lewe en hoekom is jy verwilderd? Behou versekerde verwagting in God, want ek sal Hom steeds loof en dank met uitgestrekte hande, my God en die Redder van my eer!

- 43** 1 Oordeel my, o God en verdedig my regsak teen 'n volk sonder genade; bevry my van die man van bedrog en onreg,
 2 want U is die God van my krag; waarom het U my verwerp? Waarom moet ek rou deur my vyand se onderdrukking?
 3 Stuur U Lig en U Waarheid; hulle sal my lei; hulle sal my bring na U afgesonderde berg en na U blyplek,
 4 dan sal ek voor die altaar van God gaan, na die God van my oorweldigende blydschap en U loof met die harp, o God, my Magtige God!
 5 Waarom is jy omgekrap, o my lewe en waarom is jy treurig in my? Behou versekerde verwagting in God, want ek sal Hom steeds loof en dank met uitgestrekte hande, my God en die Redder van my eer!

- 44** 1 Vir die musiekleier: 'n onderriggewende gedig van die seuns van Korag.
 2 O God, ons het met ons ore gehoor, ons vaders het ons vertel watter dade U gedoen het in hulle dae, in die ou dae.
 3 Hoe U die nasies met U eie hand vernietig het en U volk gevestig het; U het die koninkryke geteister en U volk versterk,

- 4 want hulle het nie die land deur hul swaard geërf nie en hul arm het hulle ook nie gered nie, maar U regterhand, U arm en die Lig van U Teenwoordigheid omdat U tevrede was met hulle.
- 5 U self is my Koning, o God, want U beveel die oorwinnings vir Ya'akov.
- 6 Deur U sal ons ons teëstanders deurboor; deur U Karakter en Outoriteit (Naam) sal ons hulle wat ons haat, vertrap,
- 7 want ons vertrou nie op ons boë nie en nie in ons pantser om ons te beskerm nie,
- 8 maar U het ons verlos van dié wat ons haat.
- 9 Ons loof, eer en aanbid U die hele dag lank, o God en ons loof en dank U Naam (Karakter en Outoriteit) met uitgestrekte hande vir ewig.
- 10 Nou het U ons egter verstoot en tot skande gemaak en U trek nie saam uit met ons leërs nie,
- 11 maar U laat ons terugdraai van die teëstander en ons vyande plunder ons.
- 12 U verkoop ons soos slagskape en U het ons onder die nasies verstrooi.
- 13 U verkoop U volk goedkoop en het geen wins uit hulle verkope nie.
- 14 U maak ons 'n bespotting vir ons bure, 'n spot en veragting vir die wat rondom ons is.
- 15 U maak ons 'n spreekwoord onder die nasies, 'n skud van die kop onder die volke.
- 16 My skande is die hele dag voor my en my vernedering oorweldig my
- 17 weens die stem van die een wat beskuldig en kwaadpraat, weens die vyand wat wraak neem.
- 18 Dit alles het oor ons gekom, tog het ons U nie vergeet en nie vals opgetree teen U verbond nie.
- 19 Ons het nie teruggedraai nie en ons voete nie van U pad weggedraai nie,
- 20 want U het ons 'n tweede keer in die land nederig gemaak en ons met die skaduwee van die dood bedek.
- 21 Tog het ons nie die Naam (Karakter en Outoriteit) van ons God vergeet, of ons hande na vreemde gode uitgesteek nie;
- 22 God sal dit raaksien, want Hy ken die geheime van die verstand, wil en emosie.
- 23 Ja, om U ontwil word ons elke dag gedood; ons word gereken as slagskape. ^{Rom 8:36}
- 24 Ontwaak en moenie slaap nie, o יהוה, onthou ons en verlaat ons nie!
- 25 Moenie U gesig van ons af wegdraai nie en vergeet nie ons vernedering en ons onderdrukking nie,
- 26 want ons lewe is tot in die stof verneder en ons liggaam raak aan die aarde.
- 27 Staan op om ons te help en koop ons vry ter wille van U liefdevolle goedheid!

- 45** 1 Vir die musiekleier; volgens: "Lelies (Shoshannim):" 'n onderriggewende gedig van die seuns van Korag; 'n lied van liefde.
- 2 My binneste borrel oor van goeie nuus en ek vertel my dae aan die koning; my tong is die pen van 'n vaardige skrywer.
- 3 U is mooier as die seuns van die mens; onverdiende guns is uitgestort oor u lippe; daarom het God u gesien vir ewig.

- 4 Gord u swaard aan u heup, o magtige krygsman, met u lof, eer en waarde en u majesteit;
- 5 U majesteit is triomferend! Ry op die boodskap van waarheid, nederigheid en onpartydige opregtheid; U leringe word bevestig deur respektvolle vrees vir U regterhand!
- 6 U pyle is skerp, laat hulle die hart van die koning se vyande deurboor en laat die volke onder u val.
- 7 U troon, o God, is vir ewig en ewig; die septer van U Koninkryk is 'n septer van regverdigheid.
- 8 U het onpartydige opregtheid lief en haat wetsoortredings; daarom het God, u God, u gesalf met olie van blydskap bo u metgeselle. Heb 1:7-9
- 9 Al u klere ruik na mirre, aalwyn en kassie, vanuit die ivoorpaleis waar snaar-instrumente u bly gemaak het.
- 10 Die koning se dogter staan in lof en eer; die koningin staan aan u regterhand in goud van Ofir.
- 11 Hoor, luister en doen, o dogter, oorweeg en draai jou oor; vergeet ook u volk en die huis van u vader;
- 12 Die koning sal u skoonheid sterk begeer, want hy is u meester, buig respektvol voor hom.
- 13 Die dogter van Tzor sal met 'n geskenk kom, selfs die rykes onder die mense sal u guns soek met geskenke.
- 14 Al die lof en eer van die koning se dogter kom van binne af; haar klere is versier met suiwer goud.
- 15 Sy sal na die koning gebring word met geborduurde geskenke en haar maagdelike metgeselle sal volg in haar prosesie.
- 16 Hulle sal gebring word met oorweldigende blydskap en vreugde en in die koning se paleis ingaan.
- 17 In die plek van u vaders sal u seuns wees; U sal hulle aanstel as prinse oor die hele aarde.
- 18 Ek sal dat U naam (Karakter en Outoriteit) onthou word in alle geslagte; daarom sal die mense U vir ewig en ewig loof en dank met uitgestrekte hande.

- 46** 1 Vir die musiekleier: van die seuns van Korag, met sopraanstemme, 'n lied.
- 2 God is ons Skuilplek en Sterkte; 'n baie Teenwoordige Hulp in moeilikheid.
 - 3 U was nog altyd by ons; daarom sal ons nie vrees as die aarde geskud word en die berge in die diepte van die see afgeskud word nie;
 - 4 al raas sy waters en kook dit op, al skud die berge deur die krag daarvan!
 - 5 Daar is 'n rivier waarvan die strome die stad van God sal opvrolik, die afgesonderde blyplekke van die Allerhoogste. Yeg 47; Z'kh 14:8
 - 6 God is in haar midde, sy sal nie beweeg word nie; God sal haar help in die vroeë oggend.
 - 7 Die nasies het hulle tande geknars, koninkryke het gebewe; Hy het Sy stem verhef en die aarde het geskud.

- 8 יהוה-Tzva'ot is by ons; die God van Ya'akov is ons Skuilplek.
 9 Kom, let op die dade van יהוה, want Hy doen wonderwerke op die aarde.
 10 Hy laat die oorloë tot by die einde van die aarde ophou, breek die boog en slaan die spies stukkend, verbrand die strydwaens met vuur.
 11 Draai terug en weet dat Ek God is; Ek is verhoog bo die nasies en Ek is verhoog op die aarde.
 12 יהוה-Tzva'ot is by ons; die God van Ya'akov is ons Skuilplek.

- 47** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.
 2 Al die volke, klap julle hande! Skreeu dit uit tot God met 'n klank van triomferende vreugde,
 3 want יהוה-Elyon (die Allerhoogste Magtige God) word respekvol gevrees! Hy is 'n groot Koning oor die hele aarde.
 4 Hy onderwerp volke onder ons en nasies onder ons voete.
 5 Hy het ons gekies vir die erfenis en vir die eer en lof van Ya'akov, wat Hy lief het.
 6 God het opgegaan met 'n uitroep van vreugde, יהוה met die klank van die ramshoring.
 7 Sing en maak musiek tot God! Sing en maak musiek! Sing en maak musiek tot ons Koning, sing en maak musiek,
 8 want God is die Koning van die hele aarde! Sing en maak musiek met insig.
 9 יהוה regeer oor die ander nasies; יהוה sit op Sy afgesonderde troon.
 10 Die prinse van die volke het teruggedraai na die God van Avraham, want die heersende outoriteit oor die aarde behoort aan יהוה en Hy word hoog opgelig!

- 48** 1 'n Lied: 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.
 2 יהוה is groot en waardig tot baie suiwer lof in die stad van ons God en op Sy afgesonderde opgeligte berg!
 3 Pragtig opgelig, die vreugde van die hele aarde, is die berg Tziyon, aan die noordekant, die stad van die groot Koning! ^{Mat 5:35}
 4 God is bekend in haar vesting,
 5 want let op, die konings vergader en gaan saam verby.
 6 Hulle het dit gesien, hulle is ontsteld, verskrik en het haastig weggevlug.
 7 Vrees het hulle beetgepak, pyn soos van 'n vrou wat geboorte gee.
 8 Met 'n gewelddadige storm verbreek U die skepe van Tarshish.
 9 Soos ons gehoor het, so het ons gesien in die stad van יהוה-Tzva'ot, die stad van ons God. God sal dit bevestig tot in ewigheid.
 10 Ons het U liefdevolle goedheid in U tempel oordink, o God.
 11 Soos U Karakter en Outoriteit (Naam) is, o God, so is U lofprijsing tot aan die eindes van die aarde. U regterhand is vol onpartydige opregtheid.
 12 Laat die berg Tziyon hom verheug, laat die dogters van Y'hudah bly wees oor U regverdige oordele.
 13 Loop om Tziyon en gaan rondom, tel sy torings.

- 14 Let goed op na sy sterkte, die diepte van sy mure sodat julle dit aan 'n volgende geslag kan vertel,
 15 want hierdie God is ons God, vir ewig en ewig. Hy sal ons lei tot die dood toe.

49 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.

- 2 Hoor, luister en doen dit, alle volke. Gee aandag, alle bewoners van die wêreld,
 3 seuns van die aarde en seuns van die mens, ryk en arm dieselfde!
 4 My mond sal praat van wysheid en die meditasie van my verstand, wil en emosie sal insig wees.
 5 Ek sal my oor draai na vergelykende stories. Ek sal my spreuke met die harp openbaar.
 6 Ek sal nie vrees in die dae van boosheid, as die morele oortredings van my vyande my omring nie,
 7 hulle wat vertrou op hulle eie krag en hulle beroem op die grootheid van hulle rykdom.
 8 Sy broer kan 'n man nie loskoop nie en ook kan 'n man nie aan God 'n losprys gee vir homself nie,
 9 want die loskoop van hulle lewe is te kosbaar en hou vir ewig
 10 sodat hy ewig sou lewe en die vernietiging nie sou sien nie,
 11 maar hy sien wyse manne sterf, die dwaas en die onverstandige kom tesame om en laat hulle rykdom aan ander na.
 12 Die graf sal hul enigste blyplek wees, hul wonings van geslag tot geslag. Op aarde sal hulle gemerkte grafte die enigste herinnering aan hulle wees.
 13 Die mens word nie in stand gehou deur sy eer nie. Sy einde sal wees soos die diere en hy sal vergaan.
 14 Hulle lewenswyse is hulle en dié wat na hulle toe kom, wat hulle woorde goedkeur, se dwaasheid. ^{Rom 1:32}
 15 Soos skape is hulle bestem vir die graf; die dood is hulle herder en die opregtes sal heers oor hulle in die oggend; die graf sal hulle skoonheid verteer en hulle sal geen plek van eer en lof hê nie,
 16 maar God sal my lewe loskoop, my oplig vanuit die mag van die graf.
 17 Moenie bang wees as iemand ryk gemaak word en die eer en lof van sy huis vergroot word nie,
 18 want by sy dood sal hy niks wegdra nie; ook sal sy lof en eer nie agter hom aan afgaan nie, ^{1 Tim 6:7}
 19 want terwyl hy gelewe het, het hy gemaklik gelewe en jou geprys wanneer jy goed gedoen het.
 20 Sy einde sal wees soos die van sy vaders voor hom; hulle sal nooit die Lig sien nie.
 21 Die mens van aansien wat nie begrip het nie, is soos die diere wat vergaan.

50 1 'n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek.

Die Magtige God van die gode, יהוה, het gepraat en die aarde geroep, van die opkoms van die son af totdat hy ondergaan.

2 Vanuit Tziyon, die volmaaktheid van skoonheid, het God geskyn.

3 Ons God sal kom en sal nie stilbly nie. Vuur sal voor Hom uit verteer en die vuur sal hewig rondom Hom brand. ^{2 Kef 3:10,12}

4 Hy sal roep na die hemel daarbo en na die aarde, om Sy volk te oordeel:

5 kom by Hom bymekaar, getroues, hulle wat 'n verbond met Hom gesluit het deur 'n offer ^{Heb 9:28; 10:29}

6 en die hemele sal Sy onpartydige opregtheid verkondig, want God self is die Regter!

7 “Luister en hoor, My volk en Ek sal met julle praat; Yisra'el, Ek sal teenoor jou getuig: Ek is God, jou God!

8 Ek bestraf jou nie oor jou offers en jou brandoffers nie; hulle is altyd voor My.

9 Ek sal geen jong bul uit jou huis of bokram uit jou krale vat nie,

10 want al die wilde diere van die woud is Myne, asook die beeste op 'n duisend heuwels.

11 Ek ken al die voëls van die lug en dit wat roer op die veld, is Myne.

12 As Ek honger het, sal Ek jou nie vertel nie, want die wêreld is Myne en alles wat daarin is.

13 Ek eet nie die vleis van bulle en drink nie die bloed van bokramme nie.

14 Offer aan God die offer van danksegging en vervul jou geloftes aan die Allerhoogste.

15 Roep uit na My in die dag van moeilikheid. Ek sal jou versterk en jy sal My loof, eer en aanbid.”

16 Aan die wetsoortreders sê God egter: “Hoe het jy die boekrolle van My wet gevolg? Jy het My verbond ligtelik gevolg

17 omdat jy My dissipline haat en My boodskappe agter jou gooi?

18 As jy 'n dief sien, het jy by hom ingeval en jy is 'n deelgenoot aan egbrekers.

19 Jy het jou mond vir boosheid gegee en jou tong praat bedrog.

20 Jy sit en praat teen jou broer, jy beskinder die seun van jou eie moeder.

21 Al hierdie dinge het jy gedoen en Ek het stilgebly. Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en die sondes voor jou oë regmaak.

22 Nou moet julle wat God vergeet dít verstaan sodat jy nie vergruis word sonder iemand wat bevry nie:

23 wie ook al 'n dankoffer bring, loof en eer My en aan hom sal Ek die pad van verlossing van God wys.” ^{Rom 1:25}

51 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek,

2 toe die profeet Natan na hom toe gekom het nadat hy by Bat-Sh'va ingegaan het.

3 Bewys onverdiende guns aan my, o God, volgens U liefdevolle goedheid.

Vee my rebellie uit, na die oorvloedigheid van U liefdevolle omgee.

4 Was my deeglik van my morele boosheid en reinig my van my sonde,

- 5 want ek erken my rebellie en my sonde is altyd voor my.
- 6 Teen U en U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in U oë, want U sal regverdig wees wanneer U praat, onskuldig in U oordeel. ^{Rom 3:4}
- 7 Let op, in morele boosheid is ek gevorm en in sonde het my moeder geboorte gegee aan my.
- 8 Let op, U vereis waarheid in die binneste en die geheime van U wysheid het U aan my bekend gemaak.
- 9 Reinig my met hisop en ek sal rein wees. Was my en ek sal witter wees as sneeu.
- 10 Laat my oorfloedige vreugde en blydschap ervaar dat my gebroke gees kan omswaai in blydschap.
- 11 Draai U gesig weg van my sondes en vee al my morele boosheid uit.
- 12 Skep in my 'n rein verstand, wil en emosie, o God en hernu 'n standvastige gees in my.
- 13 Gooi my nie weg uit U Teenwoordigheid nie en neem nie U Gees wat afgesonderd is weg van my af nie.
- 14 Herstel weer in my die vreugde van U verlossing en ondersteun my met U wonderbaarlike Gees.
- 15 Ek sal vir die wetteloses U lewenswyses leer en sondaars sal omdraai na U toe.
- 16 Bevry my van bloedvergiëting, o God, U, die God van my verlossing en my tong sal hardop sing van U onpartydige opregtheid.
- 17 יהוה, maak U my lippe oop en my mond sal U lofprysing voortbring,
- 18 want U begeer nie offers nie, anders sou ek dit gee; U het geen behae in brandoffers nie. ^{Ps 40:7; 1 Sh'm 15:22; Hos 6:6; Mat 9:13; Mat 12:7}
- 19 Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en stukkende binneste sal U, o God, nie verag nie!
- 20 Doen goed aan Tziyon deur U onverdiende guns. Bou die mure van Yerushalayim op,
- 21 dan sal U tevrede wees met die offers van onpartydige opregtheid, met brandoffers en volledige brandoffers; dan sal hulle geskenke offer op U altaar.

- 52** 1 Vir die musiekleier: 'n onderriggewende gedig van Dawid,
- 2 toe Do'eg, die Edomiet, gekom en aan Sha'ul vertel en aan hom gesê het: "Dawid het na die huis van Agimelekh gegaan."
- 3 Hoekom beroem jy jou in boosheid, o kragtige krygsman? Die goedheid van God hou aan en aan!
- 4 Jou tong beraam vernietiging soos 'n skerp skeermes, wat met misleiding werk!
- 5 Jy het boosheid meer lief as goedheid en leuens meer as om onpartydig opreg te praat.
- 6 Jy hou van almal wat boos praat en van alle bedrieglike tonge;
- 7 daarom sal God jou vir ewig afbreek, jou wegskeur uit jou blyplek en jou ontwortel uit die land van die lewendes,
- 8 dan sal die onpartydige opregtes dit sien en hulle verheug en in יהוה vertrou.
- 9 Hulle sal sê: "Let op, hierdie is die man wat nie in God vertrou het nie, maar vertrou het in die oorfloed van sy rykdom en geroem het in sy besittings!"

10 Ek is egter soos 'n groen olyfboom in die huis van God; ek vertrou vir ewig en ewig op die liefdevolle goedheid van God.

11 Vir ewig sal ek U loof en U dank met uitgestrekte hande, want U het dit gedoen en ek sal U Karakter en Outoriteit voor U goedgunstiges vir geslagte verkondig.

53 1 Vir die musiekleier op die wysie van: "Mahalath (siekte):" 'n onderriggewende gedig van Dawid.

2 Die dwaas sê in sy verstand, wil en emosie: "Daar is geen God nie!" Hulle is korrupt en verwerplik in hulle boosheid; daar is niemand wat goed doen nie. ^{Ps 14:1}

3 God het vanuit die hemel gekyk na die seuns van die mens om te sien of daar enige iemand is wat verstaan en na God soek.

4 Elke een van hulle het afgedwaal, hulle het almal saam vuil geword; daar is nie een wat goed doen nie, nee, nie een nie. ^{Rom 3:12}

5 Hierdie mense herken nie meer boosheid nie, hulle het My volk soos brood verteer; hulle het geen respekvolle vrees vir God nie.

6 Dáár het hulle gevrees waar geen vrees was nie, want God het die beendere van die valse toneelspelers verstrooi; hulle is beskaamd gemaak, want God het hulle verag.

7 Wie sal vanuit Tziyon aan Yisra'el verlossing gee? Wanneer God Sy volk uit gevangenskap terugbring, sal Ya'akov in die rondte swaai van vreugde en Yisra'el sal verheug wees!

54 1 Vir die musiekleier met snaarinstrumente: 'n onderriggewende gedig van Dawid,

2 toe die Zifiete gekom en aan Sha'ul gevra het: "Het Dawid hom nie by ons weggesteek nie?"

3 O God, verlos my deur U Karakter en Outoriteit (Naam) en oordeel my regverdig deur U krag!

4 Hoor my gebed, ^{וְהוֹדָה}, luister na die woorde van my mond,

5 want vreemdelinge het teen my opgestaan en tiranne soek my lewe; hulle het God nie in ag geneem nie.

6 Let op, ^{יְהוָה}-God is my Helper. ^{יְהוָה} ondersteun my lewe.

7 Bring rampe oor my vyande. Maak hulle stil in U waarheid.

8 Ek sal vryelik aan U offer, ek sal U Naam (Karakter en Outoriteit) loof en prys met uitgestrekte hande, ^{וְהוֹדָה}, want dié is goed,

9 want U het my uit alle moeilikheid bevry en my oog het my vyande verslaan gesien.

55 1 Vir die musiekleier met snaarinstrumente: 'n onderriggewende gedig van Dawid.

2 Luister na my gebed, o God en verberg U nie vir my smeking nie.

3 Hoor my en antwoord my. Ek dwaal klaend rond en maak geraas,

4 weens die stem van my vyand, weens die onderdrukking van die oortreders van die wet, want hulle het boosheid teen my beplan en my gehaat.

- 5 My verstand, wil en emosie is gepynig in my en die ang's van die dood het my oorval.
- 6 Vrees en bewing kom oor my en die skadu van die dood het my oorweldig
- 7 en ek het gesê: "Ag, as ek tog maar vlerke gehad het soos 'n duif, dan sou ek wegvlieg en wegbly!
- 8 Let op, dan sal ek ver weg vlieg en in die wildernis bly!
- 9 Ek sal haastig ontsnap van die winderige storm en die tornado."
- 10 Vernietig hulle, o יהוה, verdeel hulle tong, want ek sien geweld en stryd in die stad.
- 11 Dag en nag gaan hulle rondom sy mure daarmee voort; met boosheid, moeite en kommer daar binne.
- 12 Boosheid is daar binne, onderdrukking en bedrog gaan nie uit sy strate uit weg nie,
- 13 want dit is nie 'n vyand wat my onteer nie, dan sou ek dit kon dra. Dit is ook nie hy wat my haat, wat homself op lig teenoor my nie, dan sou ek myself vir hom wegsteek,
- 14 maar dit was jy, 'n man soos ek, my volksgenoot en my vriend!
- 15 Ons het 'n maaltyd saam geëet in die huis van God en in harmonie saam geloop.
- 16 Bring die dood oor hulle, begrawe hulle lewendig in Sh'ol, want daar is boosheid in hulle midde.
- 17 Wat my betref, ek beroep my op God en יהוה sal my red.
- 18 In die aand, in die oggend en in die middag sal ek bid en hardop uitroep en Hy sal my stem hoor.
- 19 Koop my lewe los van die wat te slim was vir my, van die wat my voortdurend teëgestaan het.
- 20 God, die Ewige Een, sal hulle hoor en hulle verneder. Omdat hulle nie verander nie, het hulle nie respekvolle vrees vir God nie.
- 21 Hulle het hul hande uitgesteek teen hulle wat met hul vrede gehad het; hulle het Sy verbond verbreek.
- 22 Hulle was bang vir die woede op Sy gesig en die toorn in Sy verstand, wil en emosie; Sy woorde is sagter as olie, tog so skerp soos die punt van 'n spies.
- 23 Werp jou bekommernisse op יהוה en Hy sal vir jou sorg; ^{1 Kef 5:7} Hy sal nooit dat die regverdige behoefte het nie,
- 24 maar U, o God, sal manne van bloed en bedrog laat afgaan in die put van vernietiging; hulle sal nie hulle lewens uitleef nie, maar ék vertrou in U.

56 1 Vir die musiekleier op die wysie van "Die stil duif in veraf plekke:" 'n gedig van Dawid, toe die F'lishtyne hom gevang het in Gat.

- 2 Bewys aan my onverdiende guns, o God, want mense vertrap my; hy wat my beveg, onderdruk my die hele dag lank.
- 3 My vyande vertrap my daagliks, want baie vegters het teen my opgestaan.
- 4 Ek vrees nie deur die dag nie, want ek vertrou op U.
- 5 In God sal ek opgelig word; in God het ek vertrou, ek sal nie vrees wat die mens aan my kan doen nie.

- 6 Die hele dag lank sweer hulle saam teen my en hulle beplan boosheid teen my.
 7 Hulle sal wegkruip en wag, my voetstappe dophou omdat hulle my dood begeer.
 8 Hulle het gesê: "Hy het geen Verlosser nie." Veroordeel hulle met die veroordeling van die nasies, o God!
 9 O God, ek het my vertroue in U verklaar; teken U my trane op in U boek,
 10 dan sal my vyande terugdraai en ek sal weet dat ek 'n God het.
 11 In God sal ek Sy boodskap helder en duidelik prys; in יְהוָה sal ek Sy boodskap helder en duidelik prys.
 12 In God het ek my vertroue geplaas, ek sal nie bang wees vir wat die mens aan my kan doen nie.
 13 Ek sal my beloftes tot U nakom, o God; ek sal hulle tot U aanbied in dank met uitgestrekte hande,
 14 want U het my lewe bevry van die dood en my voete van struikeling dat ek in die land van die lewendes aanvaarbaar mag lewe in U Teenwoordigheid, o God.

- 57** 1 Vir die musiekleier op die wysie van "U moenie vernietig nie:" 'n gedig van Dawid, toe hy vir Sha'ul gevlug het in die grot.
 2 Bewys aan my onverdiende guns, o God, bewys aan my onverdiende guns, want my lewe vertrou op U, ja, in die skaduwee van U vlerke sal ek my skuiling maak totdat hierdie katastrofes verbygegaan het.
 3 Ek sal uitroep tot God, die Allerhoogste (Elyon), tot God my Verlosser,
 4 want Hy het vanuit die hemel gestuur en my verlos; Hy het my vyande beskaam. God sal Sy goedheid en Sy waarheid uitstuur.
 5 Hy het my lewe bevry van die wreedaardige terwyl ek in vrees geslaap het; van die seuns van die mens, wie se tande spiese en pyle is en hulle tonge skerp swaarde.
 6 Wees U verhewe bo die hemele, o God, laat U Gemanifesteerde Teenwoordigheid bo die hele aarde wees!
 7 Hulle het 'n net vir my voete voorberei; hulle het 'n put vir my lewe gegrawe, waarin hulle self geval het.
 8 My binneste word voorberei, o God, my binneste is voorberei; ek wil sing en musiek maak in my lof, eer en waarde. ^{Ps 108:1-6}
 9 Ontwaak, my harp, ontwaak, lier en harp! Ek self sal vroeg opstaan!
 10 Ek wil U loof en dank met uitgestrekte hande onder die volke, o יְהוָה, ek sal sing tot U Karakter en Outoriteit (Naam) onder die nasies,
 11 want U goedheid is verhef tot by die hemele en U getrouheid tot by die wolke.
 12 Wees U verhewe o God, bo die hemele, laat U lof, eer en waarde bo die hele aarde wees!

- 58** 1 Vir die musiekleier op die wysie van "U moenie vernietig nie:" 'n gedig van Dawid.
 2 Praat julle waarlik onpartydige opregtheid, o gemeente? Oordeel julle regverdig, o seuns van die mens?

- 3 Let op, julle praat almal boosheid op die aarde en julle hande is bevuil met onregverdigheid.
- 4 Die moreel bese persoon is bekend van die baarmoeder af; hulle dwaal af en praat leuens sodra hulle gebore word.
- 5 Hulle gif is soos die gif van 'n slang; soos die dowe adder wat sy oor toestop
- 6 en nie luister na die stem van die besweerders, of na die ervare towerspreker, of die wyse nie.
- 7 O God, breek hulle tande in hulle monde; trek die slagatande van die jong leeu uit, וַיִּהְיֶה!
- 8 Laat hulle verwerp word soos water wat vuil is; laat God Sy pyle skiet totdat die bese vernietig is.
- 9 Soos die was wat smelt en voor die vuur drup, laat hulle vernietig wees; vuur het vanaf die hemel geval en hulle het dit nie gesien nie; die Lig van waarheid is gegee en hulle het nie verstaan nie. Yog 1:4-10
- 10 Laat hulle dorings vermeerder en vrees vir wraak hulle met geweld skud.
- 11 Die onpartydige en opregte sal hom verheug wanneer hy die wraak sien; hy sal sy hande was in die bloed van die bese
- 12 sodat die mense sal sê: "Verseker is daar vrug vir die onpartydige en opregte; verseker is daar 'n God wat op die aarde oordeel!"

- 59** 1 Vir die musiekleier op die wysie van "U moenie vernietig nie:" 'n gedig van Dawid, toe Sha'ul gestuur het om die huis dop te hou en hom dood te maak.
- 2 Bevry my van my vyande, o my God! Verdedig my teen hulle wat teen my opstaan!
 - 3 Bevry my van die werkers van boosheid en verlos my van bloeddorstige manne,
 - 4 want let op, hulle lê en wag vir my lewe; hulle het boosheid teen my vermenigvuldig, nie omdat ek gesondig of oortree het nie, וַיִּהְיֶה!
 - 5 Hulle hardloop en berei hulle voor teen my sonder om te oorweeg of ek fouteer het!
 - 6 Ontwaak om my te help en let op, יְהוָה-God van die leërmagte, die God van Yisra'el, ontwaak om al die nasies te besoek en spaar geen doener van boosheid nie!
 - 7 Hulle kom terug teen die aand; hulle maak geluide soos honde en dwaal rond deur die stad.
 - 8 Let op, hulle smaal met hul monde; swaarde is op hulle lippe, want 'wie,' sê hulle, 'gee om?'
 - 9 U, יְהוָה, sal egter vir hulle lag; U sal spot met al die nasies.
 - 10 Tot U sal ek lofprysing gee, o God, want U is my Verdediging.
 - 11 O God, U liefdevolle goedheid het voor my uitgegaan; God het my laat lewe om wraak op my vyande te sien.
 - 12 Spaar hulle as 'n lewende voorbeeld sodat my volk dit nie vergeet nie, maar verstrooi hulle deur U krag en werp hulle neer, וַיִּהְיֶה, my Versekerde Verwagting,
 - 13 vir die sonde van hulle mond en die woorde van hulle lippe, laat hulle selfs gevang word in hul trots, want dit is vloeke en leuens wat hulle praat.
 - 14 Verteer hulle in U wraak, verteer hulle dat hulle nie meer sal wees nie sodat hulle kan weet dat God oor Ya'akov en oor die eindes van die aarde heers

- 15 en laat hulle terugkom teen die aand en laat hulle geluide maak soos honde en ronddwaal deur die stad.
 16 Laat hulle honger wees en nie gevul word nie en ook nie 'n blyplek vind nie,
 17 maar ék sal sing van U krag, ja ek sal hardop sing van U eer, lof en aanbidding in die oggend, want U was my Verdediging en my Toevlug in die dag van my moeilikheid.
 18 Tot U, o God, sal ek sing en musiek maak, want U is die God van my toevlug en die God van my eer, lof en aanbidding.

- 60** 1 Vir die musiekleier op die wysie van "Die Lelie van die Getuienis:" 'n onderriggewende gedig van Dawid,
 2 toe hy oorlog gevoer het teen Aram-Naharayim (die Arameërs van Mesopotámië) en Aram-Tzovah (die Arameërs van Tzovah) en Yo'av teruggekom en twaalf duisend Edomiete verslaan het in die Soutvallei.
 3 O God, U het ons verlaat, ons verstrooi; U was ontevrede met ons; o, draai Uself weer om na ons toe!
 4 U het die aarde laat bewe, dit oopgeklou; genees sy breuke, want dit is verswak!
 5 U het aan U volk harde dinge gewys; U het ons die afsaksels van die wyn laat drink.
 6 U het 'n wonderwerk gegee aan hulle wat U respektvol vrees sodat hulle nie hoef te vlug vir die boog nie
 7 sodat die een waarvoor U lief is voorbereid mag wees. Verlos deur U regterhand en antwoord my!
 8 God het in Sy afgesonderdheid gepraat: 'Ek sal sterk wees en Sh'khem verdeel en die vallei van Sukkot afmeet.
 9 Gil'ad is Myne en M'nasheh is Myne; Efrayim is die sterkte van My kop; Y'hudah is My koning;
 10 Mo'av is My waskom; oor Edom sal Ek belasting eis; Ek sal triomfeer oor P'leshet!
 11 Wie sal my inlei in Edom? Wie sal my inbring in die versterkte stad?
 12 Let op, o God, U het ons weggestamp en U het nie voor ons uitgetrek met ons leërs nie.
 13 Gee vir ons krag teen ons vyande, want die hulp van die mens is leeg.
 14 Deur God sal ons dapper dade doen, want dit is Hy wat ons vyande sal vertrap.

- 61** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid met snaarinstrumente.
 2 Luister en hoor my uitroep, o God, gee aandag aan my gebed!
 3 Vanaf die einde van die aarde sal ek na U roep wanneer my verstand, wil en emosie oorweldig is, want U het my op 'n Rots opgelei en my getroos,
 4 want U is 'n Toevlug vir my, 'n Sterk Toring teen my vyande.
 5 Ek sal in U tent bly vir ewig, my skuilplek maak in die skaduwee van U vlerke,
 6 want U, o God, het my beloftes gehoor; U het 'n erfenis gegee aan hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) respektvol vrees.
 7 U het dae by die koning se dae bygevoeg en sy jare soos baie geslagte gemaak.

- 8 Hy sal vir ewig voor die Teenwoordigheid van God gevestig word; onverdiende guns en regverdige oordeel sal hom bewaar.
- 9 Só sal ek sing en musiek maak tot U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig, wanneer ek daaglik my beloftes nakom.

- 62** 1 Vir die musiekleier op die wysie van "Y'dutun." (Lofuitinge): 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 My lewe wag op God; vanaf Hom kom my verlossing.
- 3 Hy alleen is my God en my Verlossing; Hy is my groot Verdediging, ek sal nie beweeg word nie.
- 4 Hoe lank sal julle 'n man bedreig sodat julle hom kan doodmaak? Julle sal wees soos 'n verkrummelde muur en 'n inmekaarsvallende heining.
- 5 Julle het gedink om hom van sy verhoogde posisie af te gooi; julle verheug julle self in leuens; julle seën met jul monde en vervloek in julle binneste.
- 6 My lewe wag net op God, want van Hom is my verlossing!
- 7 Hy alleen is my God en my Verlossing; Hy is my Verdediging, ek sal nie beweeg word nie.
- 8 In God is my verlossing, my lof en eer; God is my Krag, my Skuilplek en my Versekerde Verwagting.
- 9 Vertrou altyd op Hom, o volk, stort julle verstand, wil en emosie uit voor Sy Teenwoordigheid! God is 'n Skuilplek vir ons.
- 10 Sekerlik is alle ontroue mense soos wasem; wanneer hulle op die weegskaal geplaas word, word hulle te lig bevind. Dan 5:27
- 11 Vertrou nie op onderdrukking en bou geen leë verwagtings op rowery nie; as rykdom vermeerder, laat jou binneste daaroor bly wees!
- 12 God het dit een keer gesê, twee keer het ek dit gehoor: dat krag aan God behoort.
- 13 Aan U, וְיְהוָה, behoort ook die liefdevolle goedheid, want U gee vir elkeen volgens sy werk. Spr 24:12; Iyov 34:11; Mat 16:27; Rom 2:6-10

- 63** 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek, toe hy in die wildernis van Y'udah was.
- 2 O God, U is my God, op U wag ek; my lewe dors na U, my vlees smag na U soos in 'n dor en dorstige land, waar daar geen water is nie.
- 3 Soos ek U Afgesonderdheid gesien het, mag ek só U krag en U Gemanifesteerde Teenwoordigheid sien,
- 4 want U liefdevolle goedheid is beter as die lewe; my lippe sal U uitbundig prys.
- 5 Só sal ek neerkniel en U seën terwyl ek lewe, ek sal my hande ophou in U Karakter en Outoriteit (Naam).
- 6 My lewe sal verryk word soos met room en vettigheid en my mond sal uitroep met helder lof oor vreugdevolle lippe.
- 7 Ek onthou U op my bed en ek oordink U in die nagwake,
- 8 want U is my Helper; daarom sal ek lof, eer en waarde bring in die skaduwee van U vlerke.

9 My lewe volg moeilik agter U aan, U regterhand hou my op,
10 maar hulle wat my lewe soek om dit te vernietig, sal in die onderste dele van die aarde ingaan.
11 Hulle sal val deur die swaard; hulle sal die jakkalse se deel word,
12 maar die koning sal hom in God verheug; elkeen wat by Hom sweer, sal Hom loof en eer, maar die mond van hulle wat leuens praat sal gestop word.

64 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
2 Luister na en hoor my stem, o God, as ek tot U bid; bewaar my lewe van vrees vir my vyande.
3 Steek my weg vir die boosheid van die bose een, van die korrupsie van die werkers van boosheid,
4 wat hulle tong skerp maak soos 'n swaard, hulle woorde vergiftig met gif soos aan 'n pyl
5 dat hulle in die geheim op die onskuldige kan skiet; skielik skiet hulle op hom en vrees nie.
6 Hulle bemoedig hulself met bose woorde, hulle beplan om strikke weg te steek en hulle sê: "Wie sal ons sien?"
7 Hulle beplan boosheid, maar hulle word vernietig om sodoende die boosheid onder die mens te verteer vanuit die diepte van die verstand, wil en emosie,
8 maar God is groot; Hy sal na hulle skiet met 'n pyl;
9 so sal hulle tong stilgemaak word en almal wat hulle sien, sal bang wees.
10 Alle mense sal vrees en die werke van God verkondig, want hulle sal met wysheid Sy werke ondersoek.
11 Die onpartydige opregte sal bly wees in יהוה en in Hom vertrou en al die opregtes van verstand, wil en emosie sal Hom helder en duidelik loof.

65 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek; 'n lied.
2 Lofprysing kom U toe in Tziyon, o God en tot U sal die belofte voltooi word.
3 O, luister en hoor my gebed, alle vlees sal na U toe kom!
4 Die woorde van die bose het die oorhand oor my gekry; U reinig ons oortredinge.
5 Geseënd is die man waarmee U tevrede is, hy wat U na U toe laat naderkom dat hy in U howe kan bly en versadig kan wees met die goedheid van U huis, selfs van U Afgesonderde Tempel.
6 Antwoord ons vanaf die majesteit van U onpartydige opregtheid, o God van ons verlossing; wat die Veiligheid is van al die eindes van die aarde en van die mense wat ver is;
7 wat die berge vasstel deur Sy krag en magtig is in Sy krag;
8 wat die storms van die seë stilmaak, die gebruis van hulle golwe! Die volke sal omgekras wees,
9 die bewoners van die aarde sal bewoos wees voor U wonders, vanaf die oggend tot die aand.

- 10 U het die aarde besoek en dit water gegee; U het dit geseën met vrede en dit grootliks verryk met die rivier van God, wat vol water is. U het kos voorberei toe U dit gevestig het.
- 11 U het die omgeploegde grond daarvan natgemaak en om vrugte voort te bring het U sy groei besprinkel met reënbuie en dit geseën.
- 12 U kroon die jaar met U goedheid en die kalwers het ryk weiding.
- 13 Hulle sal gevul word met die weivelde van die wildernis en die heuwels sal omring wees met lof, eer en waarde.
- 14 Die weivelde sal oordek wees met vet wordende skape en die valleie sal geklee wees met koring; hulle sal uitroep van vreugde en sing.

66 1 Vir die musiekleier: 'n gedig met instrumentale musiek; 'n lied.

Roep uit tot eer van God, alle lande!

- 2 Sing en maak musiek tot eer van Sy Naam (Karakter en Outoriteit), lofprys die lof en eer van Sy Majesteit!
- 3 Sê vir God: "Hoe wonderlik is U werke!" Deur die grootheid van U krag sal U vyande hulle aan U onderwerp.
- 4 Die hele aarde sal neerval voor U en sing en musiek maak tot U eer; hulle sal U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig hoog oplig.
- 5 Hulle sal sê: "Kom en sien die dae van God," want Sy wonderwerke is groot teenoor die seuns van die mens.
- 6 Hy het die see verander in droë land; hulle het te voet deur die rivier gegaan. Daar het ons ons verheug in Hom.
- 7 Hy heers vir ewig deur Sy krag; Sy oë sien die nasies raak. Laat die rebelses hulleself nie oplig nie.
- 8 Kniel voor God en seën Hom julle volke en laat die stem van Sy lofprijsing gehoor word;
- 9 Hy wat ons in die lewe hou en nie toelaat dat ons voete wankel nie,
- 10 want U het ons getoets, o God, U het ons gesuiwer ^{Yir 9:6; Z'kh 13:9} soos 'n mens silwer suiwer.
- 11 U het ons in die net ingebring, 'n las op ons heupe gelê.
- 12 U het ons slawe gemaak, ons het deur vuur en deur water gegaan, maar eindelik het U ons uitgelei na 'n bevredigende plek.
- 13 Ek sal in U huis ingaan met brandoffers; ek sal my geloftes teenoor U nakom,
- 14 wat my lippe geuiter het en my mond gepraat het toe ek in die moeilikheid was.
- 15 Vetgemaakte brandoffers sal ek vir U bring saam met die reukoffer van ramme; ek sal beste en bokke offer.
- 16 Kom, luister en hoor, al julle diensknegte van God en ek sal verklaar wat Hy vir my lewe gedoen het.
- 17 Ek het na Hom uitgeroep met my mond en Hy het my geantwoord; ek het Hom geloof met my tong.
- 18 As U boosheid in my verstand, wil en emosie sien, o יהוה, moet my nie red nie,
- 19 maar waarlik het God my gehoor; Hy het aandag gegee aan die stem van my gebed.

20 Geseënd is God wat my gebed nie verwerp het of Sy onverdiende guns van my af weggedraai het nie.

67 1 Vir die musiekleier: 'n gedig met instrumentale musiek, met snaarinstrumente; 'n lied.

2 Mag God aan ons onverdiende guns skenk en ons seën; Sy Teenwoordigheid oor ons laat skyn

3 sodat die mense op aarde U lewenswyse mag ken, U reddende genesing onder al die nasies.

4 Laat al die volke U met uitgestrekte hande loof, o God, laat al die volke U loof met uitgestrekte hande.

5 Laat die nasies bly wees en hardop sing, want U sal die volke regverdig oordeel en die nasies op aarde regeer.

6 Laat al die volke U met uitgestrekte hande loof, o God, laat al die volke U loof met uitgestrekte hande,

7 dan sal die aarde sy vermeerdering oplewer en God, ons God, sal ons seën.

8 God sal ons seën en al die eindes van die aarde sal Hom vrees.

68 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid met instrumentale musiek; 'n lied.

2 Laat God opstaan; laat Sy vyande verstrooi word en laat hulle wat Hom haat voor Hom uit vlug!

3 Soos rook weggedryf word, laat hulle só verdwyn; soos was smelt voor die vuur, laat die bose sterf in die Teenwoordigheid van God,

4 maar laat die regverdiges bly wees, laat hulle sterk wees in die Teenwoordigheid van God, laat hulle hul verheug in Sy blydschap.

5 Sing tot God, sing en maak musiek tot Sy Karakter en Outoriteit (Naam); lig Hom hoog wat op die hemele ry; יהוה is Sy Naam; spring van vreugde in Sy Teenwoordigheid!

6 'n Vader van die vaderloses en 'n Regter van die weduwees is God in Sy afgesonderde blyplek.

7 God plaas kinders wat heeltemal alleen is, in 'n huisgesin; Hy bevry die wat met kettings gebind is in oorwinning, maar die wat rebels is, bly in 'n geskroeide land.

8 O God, toe U wel uitgetrek het voor U volk, toe U wel deur die wildernis marsjeer het,

9 het die aarde geskud en die hemele neergebuig voor die Teenwoordigheid van God; selfs Sinai self is beweeg voor die Teenwoordigheid van God, die God van Yisra'el!

10 U, o God, het 'n oorvloedige reën gestuur waardeur U U erfenis bevestig het toe dit moeg was.

11 U lewende wesens het daarin gewoon; U, o God, het deur U goedheid vir die armes voorsien!

12 יהוה sal goeie boodskappe bring met baie krag,

13 dan sal die konings van die leërmagte verslaan word en die huishouding van God sal die buit verdeel.

- 14 Alhoewel julle slaap tussen die dorings, nogtans sal julle beskermd wees, soos met die vlerke van 'n duif wat oordek is met silwer en haar vere met geel goud.
- 15 Toe die Almagtige (Shaddai) konings oor Tziyon verstrooi het, het dit wit geword soos sneeu
- 16 oor Tzalmon, oor die berg van God, oor die berge van Bashan en oor die bergtoppe.
- 17 Wat wil julle hê, o julle berge van Bashan? Hierdie is die bergtop waarop God begeer om te bly; ja, יהוה sal vir ewig daarop bly. ^{Yeg 43}
- 18 God ry saam met die menigte van engele; יהוה is tussen hulle, soos in Sinai, in Sy Afgesonderde Plek.
- 19 U het opgestyg na bo, U het gevangenes weggedra, ^{Efe 4:8} U het mense geseën met geskenke, maar rebelse manne sal nie in die Teenwoordigheid van Yah bly nie!
- 20 Geseënd is יהוה, want Hy het ons gekies as Sy erfenis, ja God van ons verlossing!
- 21 Hy wat ons God is, is die God van verlossing, יהוה-God wat die mag van lewe en dood het.
- 22 God sal egter die kop van Sy vyande vermorsel, die harige skedel van hulle wat in hulle sonde volhard.
- 23 יהוה het gesê: "Ek sal My volk red van die kranse, Ek sal My volk bring vanuit die dieptes van die see
- 24 sodat jou voet, asook die tonge van jou honde, gedoop kan word in die bloed van jou vyande.
- 25 Hulle het U prosesies gesien, o God, die prosesies van my God en my afgesonderde Koning.
- 26 Die prinse het vooruit gegaan en die sangers het gevolg; tussen hulle was die maagde wat met tamboeryne speel.
- 27 Seën God in die vergaderings; vir יהוה, julle wat van die fontein van Yisra'el is!
- 28 Daar is klein Binyamin, met hulle heerser; die prinse van Y'hudah en hulle heersers; die prinse van Z'vulun en die prinse van Naftali.
- 29 Beveel U krag vir my, o God; versterk, o God, wat U vir ons gedoen het!
- 30 Ter wille van U tempel in Yerushalayim sal die konings aan U geskenke bring.
- 31 Bestraf die wilde diere van die vleie, die oorvloed van wilde bulle, die afgode van die volke wat oortrek is met silwer, verstrooi die volke wat plesier vind in oorloë.
- 32 Ambassadeurs sal vanuit Mitzrayim kom, Kush sal spoedig haar hande uitsteek na God. ^{Yes 19:21-25}
- 33 Sing tot יהוה-God, o koninkryke van die aarde, sing met instrumente tot יהוה,
- 34 tot Hom wat ry op die hoogste hemele; uit die ooste gee Hy Sy stem, 'n kragtige stem.
- 35 Gee lof, eer en waarde aan God! Sy majesteit is oor Yisra'el en Sy sterkte in die hemele.
- 36 O God, U word vereer vanuit U Afgesonderde Plek; dit is die God van Yisra'el wat sterkte en krag aan Sy volk gee. ^{Neg 8:10; Hav 3:19} Geseënd is God!

- 69** 1 Vir die musiekleier: op die wysie van: “Lelies,” ’n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- 2 Red my, o God, want die waters het naby gekom om oor my te spoel.
- 3 Ek sink in diep modder waar geen staanplek is nie; ek het in diep water gekom waar die vloede oor my stroom.
- 4 Ek is moeg uitgeroep, my keel is droog, my oë faal terwyl ek wag op God.
- 5 Hulle wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my kop; ^{Yog 15:25} hulle wat my sal vernietig, wat kwaadwillig my vyande is, is magtig; toe het ek teruggegee wat ek wettiglik gevat het.
- 6 O God, U ken my dwaasheid en my sonde is nie vir U weggesteek nie.
- 7 Laat hulle wat op U vertrou nie deur my beskaamd wees nie, o יהוה, God van die leërmagte! Laat die wat U soek, nie deur my onteer word nie, o God van Yisra’el,
- 8 want om U ontwil dra ek vernedering en bedek skande my gesig.
- 9 Ek het ’n vreemdeling vir my broers geword en ’n onbekende vir die seuns van my moeder,
- 10 want die ywer vir U huis het my verteer en die ontering van die wat U onteer, het op my geval. ^{Yog 2:17; Rom 15:3}
- 11 Wanneer ek my lewe verneder en gedissiplineer het deur te vas, was dit tot my vernedering.
- 12 Ek het ook ’n roukleed my klere gemaak en ’n spreekwoord vir hulle geword.
- 13 Hulle wat in die poort sit, praat teen my en ek was die lied van die dronkaards,
- 14 maar wat my betref, my gebed is tot U, o יהוה; op ’n aanvaarbare tyd, o God, in U oorfloedige onverdiende guns, antwoord my, in U oorfloedige redding!
- 15 Bevry my uit die modder en laat my nie sink nie; laat my bevry word uit die diep waters en van hulle wat my haat.
- 16 Laat die watervloed nie oor my stroom en ook die dieptes my nie insluk nie en laat die put nie sy mond oor my toemaak nie!
- 17 Antwoord my, o יהוה, want U liefdevolle sagtheid is goed; draai na my met die oorfloed van U liefdevolle omgee.
- 18 Verberg nie U gesig vir U kneg nie, want ek is in die moeilikheid. Antwoord my gou!
- 19 Kom nader aan my lewe en koop dit los; bevry my as gevolg van my vyande.
- 20 U ken my verwerping en my skande en my vernedering word versprei voor al my vyande.
- 21 O, genees my gebroke binneste en verbind dit. Ek het sommiges gesoek om my jammer te kry, maar daar was niemand nie; vir vertroosters, maar het niemand gevind nie.
- 22 Hulle het vir my bitter kruie gegee as my kos en toe ek dors was, het hulle vir my asyn gegee om te drink. ^{Mat 27:48; Mar 15:36; Luk 23:36}
- 23 Laat hulle tafel ’n vangnet word voor hulle en dit wat vir hulle ’n beloning moes wees, ’n strik.
- 24 Laat hulle oë donker word dat hulle nie sien nie en maak dat hulle rûe voortdurend buig. ^{Rom 11:9,10}

- 25 Stort U woede oor hulle uit en laat U toornige woede hulle beetkry.
 26 Laat hulle blyplek verlate wees en laat niemand in hulle tente bly nie. Hand 1:20
 27 Hulle het die een vervolg wat deur U geteister is en smart bygevoeg by die een wat gewond is. Yes 53:3-5
 28 Voeg die straf vir morele oortreding by hulle oortreding sodat hulle nie in U onpartydige opregtheid kan kom nie.
 29 Laat hulle uitgevee word uit U boek van die lewendes en nie saam met die regverdiges opgeskryf word nie. Mal 3:16; Open 20:12
 30 Ek is egter arm en vol rou; laat U verlossing my help, o God!
 31 Ek sal die Naam (Karakter en Outoriteit) van God helder en duidelik loof met 'n lied en Hom groot maak met danksegging.
 32 Dit sal יהוה meer tevrede stel as beeste of bulle wat horings en hoewe het.
 33 Die nederiges sal dit sien en bly wees en julle verstand, wil en emosie wat na God soek, sal lewe,
 34 want יהוה luister na die behoeftiges en verag nie Sy gevangenes nie.
 35 Laat hemel en aarde, die seë en alles wat daarin beweeg, Hom duidelik en helder loof,
 36 want God sal Tziyon red en die stede van Y'hudah bou.
 37 Sy diensknegte sal daarin bly; hulle wat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) lief het sal daarin woon.

- 70** 1 Vir die musiekleier: van Dawid tot herinnering.
 2 O God, maak gou om my te bevry, o יהוה, maak gou om my te help!
 3 Laat hulle wat my lewe soek, beskaamd staan en verward wees; laat hulle wat my ongeluk begeer omgedraai en deurmekaar gemaak word.
 4 Laat hulle agteruitgaan deur hulle herhalende skande wat vir my sê: "Ha, ha!"
 5 Laat almal wat U soek hulself in U verheug en bly wees en laat hulle wat U verlossing lief het voortdurend sê: "Laat God groot gemaak word!"
 6 Ek is egter arm en behoeftig; kom gou na my toe, o God, U is my Hulp en my Bevryder; o יהוה, moenie uitstel nie!

- 71** 1 In U, o יהוה, plaas ek my vertroue; laat my nooit beskaamd staan nie!
 2 Bevry my deur U onpartydige opregtheid en red my; draai U oor na my en verlos my!
 3 Wees U vir my 'n rots van skuiling waarheen ek voortdurend kan gaan; gee U die bevel om my te red, want U is my Rots en my Vesting.
 4 Bevry my, o God, uit die hand van die bose persoon, uit die hand van hom wat moreel verdraaid en 'n wrede man is,
 5 want U is my Versekerde Verwagting, יהוה-God, van my jeug af is U my Vertroue.
 6 Ek is deur U ondersteun vanaf die baarmoeder af, U is my Versekerde Verwagting sedert ek in die liggaam van my moeder was; my lofprysing is voortdurend tot U.
 7 Ek is vir baie soos 'n wonder, maar U is my kragtige Skuiling.
 8 My mond is die hele dag lank vol van lofprysing en U eer.

- 9 Verwerp my nie in die tyd van hoë ouderdom nie, laat my nie in die steek wanneer my krag faal nie,
 10 want my vyande praat teen my en die wat lê en wag op my lewe hou saam beraad
 11 en sê: "God het hom in die steek gelaat; agtervolg en gryp hom, want daar is niemand om hom te bevry nie!"
 12 O God, wees nie ver van my af nie; o my God, maak gou met my hulp!
 13 Laat hulle wat jaloers is op my lewe, beskaamd en in verleentheid wees; laat hulle wat my ongeluk soek in skande bedek wees,
 14 maar ek sal voortdurend bid en U meer en meer lofprys. ^{1 The 5:16-18}
 15 My mond sal U onpartydige opregtheid en verlossing die hele dag lank verkondig, want ek ken nie die grootheid daarvan nie.
 16 Ek sal gaan in die krag van יהוה; ek sal U onpartydige opregtheid alleen vermeld.
 17 O God, U het my van kleins af geleer sodat ek U wonderwerkende daade kan verkondig.
 18 Nou ook op hoë ouderdom en grys hare, o God, verlaat my nie totdat ek aan die volgende geslag U krag en U sterkte gewys het.
 19 U onpartydige opregtheid, o God, het gereik tot in die hoogte; U het groot dinge gedoen, o God, wie is soos U?
 20 U wat my groot en moeilike probleme gewys het, U sal my weer opwek en my laat opkom uit die dieptes van die aarde.
 21 U het my grootheid vermeerder en teruggekom om my te troos.
 22 Ek sal U ook loof en prys met uitgestrekte hande en met instrumente; ek sal tot U waarheid sing, o my God; ek sal tot U sing met die harp, o Afgesonderde Een van Yisra'el!
 23 My lippe en my lewe, wat U losgekoop het, sal dit uitskree van vreugde as ek musiek maak en sing tot U.
 24 My tong sal ook praat van U onpartydige opregtheid, die hele dag lank, want hulle is verward, hulle wat my ongeluk soek, word tot skande gemaak.

72 ¹ Van Shlomo.

- O God, gee aan die koning U regverdige oordele en U onpartydige opregtheid aan die seun van die koning
 2 sodat hy U volk kan oordeel met onpartydige opregtheid en U armes met regverdige oordeel.
 3 Die berge sal vrede bring en die heuwels U onpartydige opregtheid aan U volk.
 4 Hy sal die armes van die volk oordeel, die kinders van die behoeftige verlos en die onderdrukker vergruis.
 5 Hulle sal U deur al die geslagte heen respekvol vrees solank as die son en maan daar is.
 6 Hy sal afkom soos reën op gesnyde gras, soos buie wat die aarde water gee.
 7 Gedurende Sy dae sal die regverdige floreer in oorvloed van vrede solank die maan volhou.
 8 Hy sal ook heerskappy hê vanaf see tot see en vanaf die Rivier (Eufraat) tot by die eindes van die aarde.

- 9 Hulle wat op die eiland bly, sal voor hom buig en sy vyande sal stof lek.
 10 Die konings van Tarshish en van die eilande sal geskenke bring; die konings van Sh'va en S'va sal geskenke aanbied.
 11 Ja, al die konings sal voor hom neerval, al die nasies sal hom dien,
 12 want hy sal die behoeftige red van die magtiges; ook die armes wat geen helper het nie.
 13 Hy sal die armes en behoeftiges spaar en die lewe van die behoeftiges red.
 14 Hy sal hulle lewens loskoop van misleiding en geweld; hulle bloed is kosbaar in sy oë
 15 en hy sal lewe, van die goud van Sh'va sal aan hom gegee word, daar sal voortdurend vir hom gebed word en hy sal daagliks geseën word!
 16 Hy sal vermenigvuldig soos koring op die aarde, sy saad sal opspring op die bergtoppe soos op L'vanon en hulle in die stad sal floreer soos die gras van die aarde.
 17 Sy naam sal vir ewig wees; sy naam sal voortduur solank as die son daar is en mense sal in hom geseën wees; alle nasies sal hom geseënd noem!
 18 Geseënd is יהוה-God, die God van Yisra'el, ^{Luk 1:68} wat alleen wonderwerke doen
 19 en geseënd is Sy verhoogde Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig. Laat die hele aarde gevul word met Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid! Dit is tydloos waar.

73 ¹ 'n Gedig van Asaf: met instrumentale musiek.

- Waarlik, God is goed vir Yisra'el en vir dié wat rein van verstand, wil en emosie is,
 2 maar wat my betref, my voete was amper weg, my treë het byna gegly,
 3 want ek was afgunstig op die bose toe ek die voorspoed van die bose mense sien.
 4 Daar is geen einde aan hulle dood nie en hulle dwaasheid is groot.
 5 Hulle deel nie in die moeite van die mens nie en word nie gepla soos ander nie;
 6 daarom hou trots hulle vas, hulle het hul boosheid en geweld verberg.
 7 Hulle oortredinge peul uit soos vet; hulle doen volgens die bose voorskrifte van die verstand, wil en emosie.
 8 Hulle bedink en praat bose dinge; hulle praat onreg teen die Allerhoogste.
 9 Hulle rig hul mond op na die hemel, maar hulle tonge sleep in die stof;
 10 daarom sal My volk terugdraai hierheen en alles in oorvloed hê.
 11 Hulle sal sê: "Hoe weet God en is daar kennis in die Allerhoogste?"
 12 Let op, hierdie is die bose mense, wat voorspoedig is in die wêreld; hulle vermeerder in rykdom.
 13 Wat my betref, ek het my verstand, wil en emosie gereinig en my hande in onskuld gewas.
 14 Tog is ek die hele dag gepla en elke oggend getugtig.
 15 As ek sou sê: "Ek sal soos hulle doen," is dit vir my sonde!
 16 Toe ek daaraan gedink het om dit te verstaan, was dit te pynlik vir my
 17 totdat ek in die Afgesonderde Plek van God ingegaan het, toe het ek hulle einde verstaan.
 18 U het hulle deel aangestel volgens hulle misleiding; U het hulle neergegooi toe hulle hulself opgelig het.

- 19 Hoe word hulle nie in 'n oomblik in verlatenheid gebring nie. Hulle word heeltemal verteer deur verskrikkinge!
- 20 Soos een wat wakker word uit 'n droom, o יהוה, so sal U hulle afgodery verag!
- 21 So was my verstand, wil en emosie gegrief en my gewete het my gepla.
- 22 Ek was dwaas en onkundig; ek was soos 'n dier voor U.
- 23 U sal my troos met U raad en my lei volgens U eer.
- 24 Wie het ek buiten U in die hemel en wie het ek op aarde begeer buiten U?
- 25 Nogtans is ek voortdurend by U, U houvas my aan die regterhand.
- 26 My vlees, verstand, wil en emosie faal, maar God is die Sterkte van my verstand, wil en emosie en my Deel vir ewig. ^{Neg 8:10}
- 27 Let op, hulle wat ver van U af is, sal vergaan; U het almal vernietig wat van U af wegdwaal.
- 28 Ek was bly om nader te kom aan God; ek het my vertrou in יהוה-God geplaas dat ek al U dade kan verkondig.

- 74** 1 'n Onderriggewende gedig van Asaf. O God, waarom het U ons vir altyd weggestoot? Waarom het U woede ontvlam teen die skape van U trop?
- 2 Onthou U vergadering wat U van ouds besit het, die stam van U erfenis, wat U losgekoop het; hierdie berg Tziyon waarop U gebly het.
- 3 Verhoog U diensknegte bo dié wat weggevoer word deur mag; almal wat onderdruk, is vyande van U Afgesonderde Plek.
- 4 U teëstanders het hulleself verhoog te midde van U feeste, hulle het hul baniere as tekens opgestel.
- 5 U weet hierdie dinge, as die Verhoogde Een wat daarbo sit; hulle het die deure met byle afgekap soos wat hulle die bome van die woud sou afkap.
- 6 Hulle het alles met byle en hamers vernietig.
- 7 Hulle het U Afgesonderde Plek aan die brand gestee en afgebrand. Hulle het die blyplek van U Naam op aarde onteer.
- 8 Hulle het in hul binneste gesê: "Laat ons hulle saam vernietig! Laat ons al die feesdae van God in die land afskaf."
- 9 Hulle het nie die wonders daarvan gesien nie, want daar is geen profeet meer nie en ook is daar geen wyse man onder ons nie.
- 10 Hoe lank, o God, sal die teëstander spot? Sal die vyand U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig sleg praat?
- 11 Waarom trek U U hand terug, U krag vanuit die midde van U vergadering?
- 12 God is ons Koning, wat van ouds die verlossing van Ya'akov beveel het.
- 13 U het deur U krag die see verdeel; U breek die koppe van die drake in die waters.
- 14 U het die koppe van die livyatan in stukke gebreek en U het hom gegee as kos vir 'n sterk volk.
- 15 U het die fonteine oopgemaak in die valleie; U het magtige riviere opgedroog.
- 16 Die dag behoort aan U, die nag is ook U s'n; U het die lig en die son voorberei.
- 17 U het al die grense van die aarde vasgestel; U het somer en winter gemaak.
- 18 Onthou hierdie: die vyand het יהוה gespot en die dwase volk het kwaadgepraat van U Karakter en Outoriteit (Naam).

- 19 Gee nie die lewe wat U erken en bely oor aan vernietiging nie; vergeet nie die lewens van U armes vir ewig nie.
- 20 Respekteer U verbond, o יהוה, want die blyplekke van die aarde is vol onkunde en wreedheid.
- 21 Laat die onderdrukte nie beskaamd terugkom nie; laat die arme en behoeftige U Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik loof.
- 22 Staan op, o God, verdedig U eie saak; onthou hoe die dwase man U daaglik gespot het.
- 23 Vergeet nie die stem van U teëstanders nie, die geraas van hulle wat teen U opstaan styg voortdurend op!

- 75** 1 Vir die musiekleier: op die wysie van “Moenie verwoes nie,” ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek; ’n lied.
- 2 Ons dank U, o God, ons dank U en roep U Naam aan.
- 3 Ons sal al U wonderwerkende daade verkondig, dan sal die tyd kom wat U regverdig sal oordeel,
- 4 dan sal die aarde en al sy inwoners verneder word; U het sy mense aangestel.
- 5 U het vir die dwase gesê: “Moenie dwaas handel nie!” Vir die bose: “Moenie die horing oplik nie!”
- 6 Moenie julle horing hoog oplik nie; moenie met ’n stywe nek praat nie,
- 7 want verdediging kom nie van die weste of die ooste of van die woestynberge nie,
- 8 maar God is die Regter; Hy verneder die een en verhef die ander,
- 9 want in die hand van יהוה is daar ’n beker, vol van ’n mengsel van die afsaksel van wyn en Hy stuur dit van die een na die ander; sekerlik sal die bose van die aarde die afsaksel daarvan drink, Yir 25:15; Open 16:19
- 10 maar ek sal vir ewig lewe; ek sal sing en musiek maak tot die God van Ya’akov.
- 11 Ek sal ook al die horings van die bose afsny, maar die horings van die regverdige sal opgelig word.

- 76** 1 Vir die musiekleier: ’n gedig van Asaf met instrumentale musiek, met snaarinstrumente; ’n lied.
- 2 God is bekend in Y’hudah, Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is groot in Yisra’el.
- 3 In Shalem is Sy Tent (Tabernakel) en in Tziyon Sy blyplek. Gen 14:18
- 4 Daar het Hy die pyle van die boog verbreek, die skild en die swaard in die geveg.
- 5 U is glansryk en kragtig vanaf U magtige berg!
- 6 Al die dwase van verstand, wil en emosie is gebroke; die dapper magtige manne het hul laaste slaap geslaap.
- 7 Hulle kon nie hul hande gebruik deur U bestraffing nie, o God van Ya’akov; die ruiters is in ’n dooie slaap gegooi.
- 8 U, ja U moet gevrees word; wie mag staan in U Teenwoordigheid wanneer U eers kwaad is?
- 9 U het oordeel laat hoor vanaf die hemel; die aarde het dit gesien en gebewe toe
- 10 God opgestaan het vir die oordeel, om al die saggeaardes van die aarde te red. Mat 5:5

- 11 Die wysheid van die mens sal U loof met uitgestrekte hande; U sal die oorblyfsel van sy woede beperk.
- 12 Maak beloftes en vervul jou beloftes aan יהוה, julle God! Laat almal wat rondom Hom is, geskenke bring aan Hom wat respekvol gevrees moet word.
- 13 Hy sal die trots van die heersers verneder. Hy word gevrees deur die konings van die aarde.

- 77** 1 Vir die musiekleier: op die wysie van “Y’dutun (’n Lofgedig),” ’n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
- 2 Ek het uitgeroep tot God met my stem en Hy hoor my; ek het my stem tot Hom toe opgelig en Hy antwoord my.
- 3 Op die dag van my moeilikheid het ek na יהוה gesoek; my foltering het deur die nag aangehou en nie opgehou nie; daar was geen trooster vir my lewe nie.
- 4 Toe ek dit onthou het, o God, was ek omgekrap; ek het dit deurdink en my gees was oorweldig.
- 5 My oë is verdof; ek is stom sodat ek nie kan praat nie.
- 6 Ek het die ou dae oordink, ek neem die jare van die ou tyd in ag.
- 7 Ek oordink ver in die nag in, ek kommunikeer met my eie verstand, wil en emosie; ek het my lewe ondersoek en gesê:
- 8 “Het יהוה my vir ewig in die steek gelaat en sal Hy nooit weer goedgunstig wees nie?”
- 9 Is Sy onverdiende guns vir ewig verby, faal Sy belofte ewiglik?
- 10 Het God vergeet om goedgunstig te wees? Het Hy Sy liefdevolle omgee toegesluit in Sy woede?”
- 11 Ek het ook gesê: “Dit is my swaakheid; dit is nog ’n besoek van die krag van die Allerhoogste!”
- 12 Ek sal die dae van Yah onthou; ek sal sekerlik die wonders van ouds onthou.
- 13 Ek sal ook al U werk oordink en dink aan U bekwame dae.
- 14 U werkswyse is afgesonderd, o God; daar is niemand so groot soos ons God nie.
- 15 U is die God wat wonders doen; U het U sterkte onder die mense verklaar.
- 16 U het U volk met U arm verlos, die seuns van Ya’akov en van Yosef.
- 17 Die waters het U gesien, o God, die waters het U gesien; hulle was bang en die dieptes was ook omgekrap.
- 18 Die wolke het water uitgegiert, die hemele het ’n klank laat hoor; U pyle het rondgevlieg.
- 19 Die stem van U donder was in die hemele; die weerligstrale het die wêreld verlig; die aarde het gebewe en geskud.
- 20 U manier van doen is in die see en U pad is in die groot waters, maar U voetspore word nie gesien nie.
- 21 U het U volk soos skape gelei deur die hand van Mosheh en Aharon.

78 ¹ 'n Onderriggewende gedig van Asaf.

My volk, luister na My wet; draai julle ore na die woorde van My mond.

2 Ek sal My mond oopmaak in vergelykende stories; Ek sal raaisels uit die ou tyd uiter. ^{Mat 13:35}

3 Dit wat ons gehoor het en ken, wat ons vaders ons vertel het,

4 sal ons nie vir hulle seuns wegsteek nie, maar aan die volgende geslag vertel van die lofprysinge van יהוה, Sy sterkte en die wonderlike daade wat Hy gedoen het,

5 want Hy het 'n getuienis opgerig in Ya'akov en 'n wet aangestel in Yisra'el, wat Hy aan ons vaders beveel het, om dit aan hulle seuns bekend te maak

6 sodat die volgende geslag hulle kan ken, selfs die seuns wat nog gebore sal word, wat moet opstaan en dit aan hulle seuns vertel

7 dat hulle hul versekerde verwagting in God kan plaas en nie die daade van God vergeet nie, maar Sy opdragte kan uitvoer

8 en nie wees soos hulle vaders nie, 'n hardkoppige en rebelse geslag, 'n geslag wat nie hulle verstand, wil en emosie herstel het nie en wie se gees nie standvastig was teenoor God nie.

9 Die seuns van Efrayim, boogskutters bewapen met boë, het omgedraai op die dag van die geveg.

10 Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te leef in Sy wet.

11 Hulle het Sy daade en sy wonders vergeet wat Hy hulle voor die oë van hulle vaders gewys het.

12 Hy het wonderlike dinge gedoen in die land van Mitzrayim, in die velde van Tzo'an.

13 Hy het die see verdeel en hulle laat deurgaen en die waters laat staan soos in watersakke.

14 In die dag het Hy hulle ook gelei met 'n wolk en die hele nag met 'n lig van vuur.

15 Hy het rotse gekloof in die woestyn en hulle laat drink soos uit groot dieptes.

16 Hy het strome ook uit die rots laat uitgaan en die waters laat afloop soos riviere,

17 maar die mense het voortgegaan om te sondig en om te murmureer teen die Allerhoogste in hulle dors na water

18 en hulle het God getoets in hul verstand, wil en emosie deur kos te vra om hulle begeertes te vervul.

19 Ja, hulle het teen God gekla. Hulle het gesê: "Kan God tafels met kos voorsien in die wildernis?"

20 Let op, Hy het die rots geslaan dat waters uitvloei en die strome oorfloei; kan Hy brood ook gee, kan Hy kos gee vir Sy mense?

21 יהוה het dit gehoor en daarom kwaad geword; 'n vuur is dus aangesteek teen Ya'akov en woede het ook opgekom teen Yisra'el

22 omdat hulle nie in God geglo en in Sy verlossing vertrou het nie

23 alhoewel Hy die wolke daarbo beveel het en die deure van die hemel oopgemaak het

24 en vir hulle 'man hu' laat reën het om te eet en vir hulle van die brood van die hemel gegee het; ^{Neg 9:15; Yog 6:31}

- 25 die mens het die kos van engele geëet en Hy het vir hulle oorvloediglik wild gestuur.
- 26 Hy het winde laat waai in die lug en deur Sy krag die Suidewind ingebring;
- 27 Hy het ook vleis soos stof op hulle laat reën en geveerde voëls soos die sand aan die see
- 28 en Hy het hierdie binne-in hulle kamp laat val, rondom hulle tente.
- 29 Hulle het geëet en was ten volle versadig, want Hy het aan hulle hul eie begeerte gegee.
- 30 Tog het hulle nie hul begeerte opgegee nie, maar terwyl hulle kos nog in hulle mond was,
- 31 het die woede van God teen hulle opgekom en die rykstes onder hulle neergeslaan en die gekose van Yisra'el laat buig.
- 32 Nogtans het hulle steeds gesondig en nie in Sy wonderlike daade geglo nie;
- 33 daarom is hulle dae in sinnelose boosheid deurgebring en hulle jare in ongeduld.
- 34 Wanneer Hy hulle neergeslaan het, het hulle Hom gesoek en teruggedraai en nader aan Hom gekom
- 35 en hulle het onthou dat God hulle Helper was en die Allerhoogste God hulle Verlosser.
- 36 Nogtans het hulle Hom liefgehad met hulle monde en vir Hom gelieg met hulle tonge, ^{Ya'a 1:26}
- 37 want hulle verstand, wil en emosie was nie getrou aan Hom nie en ook was hulle nie standvastig in Sy verbond nie.
- 38 Hy is vol onverdiende guns, die Vergewer van sonde en Hy vernietig nie; ja baie keer draai Hy Sy woede weg en wek nie Sy volle toorn op nie,
- 39 want Hy het onthou dat hulle slegs vlees is, 'n wind wat verbygaan en nie weer kom nie.
- 40 Hoe dikwels het hulle Hom kwaad gemaak in die wildernis, Hom gegrief in die woestyn.
- 41 Ja, hulle het teruggedraai en God getoets, die Afgesonderde Een van Yisra'el geïgnoreer.
- 42 Hulle het nie Sy hand onthou nie, of die dag toe Hy hulle van die onderdrukker bevry het nie,
- 43 hoe Hy Sy tekens in Mitzrayim gedoen het en Sy wonders in die veld van Tzo'an,
- 44 of hoe Hy hulle riviere en hulle stroompies in bloed verander het sodat hulle nie kon drink nie.
- 45 Hy het swerms insekte tussen hulle ingestuur wat hulle opgevrete het en paddas wat hulle vernietig het.
- 46 Hy het ook hulle oes aan die sprinkane gegee en hulle harde werk aan die rusper.
- 47 Hy het hulle wingerde met hael verwoes en hulle vyeboom deur ryp.
- 48 Hy het ook hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee tot vernietiging.
- 49 Hy het die intensiteit van Sy woede oor hulle gestuur, woede, toorn en moeilikheid, deur die hand van 'n bose engel.
- 50 Hy het kragtige metodes gebruik, hulle lewens nie gespaar van die dood nie en hulle beeste oorgegee aan die pes

- 51 en al die eersgeborenes in Mitzrayim neergeslaan, die mooiste van hulle seuns in die tente van Gam, ^{Gen 10:6}
- 52 maar Hy het Sy eie volk laat uittrek soos skape en hulle begelei in die wildernis soos 'n kudde.
- 53 Hy het hulle veilig gelei sodat hulle nie bang was nie, maar die see het hulle vyande oorweldig
- 54 en Hy het hulle gebring na die grens van Sy Afgesonderde Plek, na hierdie berg, wat Sy regterhand besit het.
- 55 Hy het die ander nasies voor hulle uit verdryf en aan hulle 'n erfenis gegee deur mate en die stamme van Yisra'el in hulle tente laat bly.
- 56 Tog het hulle die Allerhoogste getoets en kwaad gemaak en nie Sy getuienisse onderhou nie,
- 57 maar hulle het teruggedraai en misleidend opgetree, soos hulle vaders; hulle was verdraaid soos 'n gedraaide boog,
- 58 want hulle het Hom kwaad gemaak deur op hoë plekke te offer en deur hulle gesnede beelde Sy woede opgewek.
- 59 Toe God dit gehoor het, was Hy woedend en het Hy Yisra'el gehaat
- 60 sodat Hy die Tabernakel in Shiloh verlaat het, die Tent wat Hy opgeslaan het tussen mense
- 61 en Hy het Sy volk oorgegee in gevangenskap en Sy lof en eer in die hand van die onderdrukker.
- 62 Hy het Sy volk oorgelewer aan die swaard en Sy erfenis nie geag nie.
- 63 Die vuur het hulle jongmanne verteer en hulle jong dogters is geskend.
- 64 Hulle priesters het deur die swaard geval en hulle weduwees het nie getreur nie.
- 65 Toe het יהוה opgestaan soos een uit die slaap uit, soos 'n magtige een wat die effek van wyn afgeskud het
- 66 en Hy het Sy teëstanders laat terugdeins, hulle in 'n ewige verwerping gesit.
- 67 Meer nog, Hy het die tent van Yosef geweier en die stam van Efrayim het Hy nie gekies nie,
- 68 maar Hy het die stam van Y'hudah gekies, die berg Tziyon wat Hy lief het
- 69 en Sy Afgesonderde Plek gebou op 'n hoë plek en dit vir ewig op die aarde gevestig. ^{Yeg 40:2; 43:7}
- 70 Hy het ook vir Dawid, Sy kneg, gekies en hom vanaf die skaapkrale gevat;
- 71 van om die voedende ooie te volg, het Hy hom gebring om Ya'akov, Sy volk en Yisra'el, Sy erfdeel, te voed.
- 72 Hy het hulle versorg volgens die integriteit van sy verstand, wil en emosie en hulle gelei deur die bekwaamheid van sy hande.

79 1 'n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek.

- O God, ander nasies het in U erfenis ingekom; hulle het U afgesonderde tempel oenteer; hulle het Yerushalayim in puinhope gelaat.
- 2 Hulle het die lyke van U diensknegte aan die voëls van die hemel as kos gegee, die vlees van U afgesonderdes aan die wilde diere van die land.

- 3 Hulle het hulle bloed rondom Yerushalayim soos water uitgegooi en daar was niemand om hulle te begrawe nie.
- 4 Ons het vir ons bure 'n bespotting geword, om voor te lag en 'n grap vir die wat rondom ons is.
- 5 Hoe lank, יְהוָה, sal U woede brand soos vuur? Sal U vir ewig kwaad wees?
- 6 Gooi U woede uit oor die ander nasies wat U nie geken het nie en oor die koninkryke wat nie U Naam (Karakter en Outoriteit) aangeroop het nie, ^{Yes 66:15; Yir 10:25; 2 Thes 1:8}
- 7 want hulle het Ya'akov verteer en sy blyplek verwoes.
- 8 Onthou nie ons vorige sondes teen ons nie; laat U liefdevolle goedheid ons gou inhaal, want ons is heeltemal nederig gemaak.
- 9 Help ons, o God van ons verlossing, vir die lof en eer van U Naam en bevry ons en reinig ons van ons sondes ter wille van U Naam (Karakter en Outoriteit).
- 10 Waarom sou die ander nasies sê: "Waar is hulle God?" Laat Hom voor ons oë aan die ander nasies bekend word deur die bloed van U diensknegte wat vergiet is, te wreek. ^{Open 6:10}
- 11 Laat die gesug van die gevangene voor U Teenwoordigheid kom; volgens die grootheid van U krag, bevry U hulle wat veroordeel is tot die dood
- 12 en vergeld ons bure sewevoudig teen hulle bors met die bespotting waarmee hulle U, o יְהוָה, gespot het.
- 13 Ons, U volk en die skape van U weivelde, sal U vir ewig loof en dank met uitgestrekte hande en aan alle geslagte U lofprijsing wys.

- 80** 1 Vir die musiekleier: op die wysie van "Lelies," 'n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.
- 2 Luister, o Herder van Yisra'el, U wat Yosef soos 'n trop lei, U wat sit op die gérubs, gee lig!
- 3 Wys U krag voor Efrayim, Binyamin en M'nasheh en kom en red ons!
- 4 Lei ons weer, o Magtige God en laat U gesig skyn en ons sal gered word.
- 5 O יְהוָה, God van die leërmagte, hoe lank sal U kwaad wees teen die gebed van U volk?
- 6 U voed hulle met die brood van trane en gee vir hulle trane in oorvloed om te drink.
- 7 U het van ons 'n grap gemaak teenoor ons bure en ons vyande lag teenoor hulleself.
- 8 Lei ons weer, o God van die leërmagte en laat U gesig skyn en ons sal gered word!
- 9 U het 'n wingerdstok uit Mitzrayim gebring; U het die ander nasies verdrywe en hom geplant. ^{Yog 15:1-7}
- 10 U het die grond voorberei en dit diep laat wortelskiet en die land gevul.
- 11 Die berge was oordek met sy skaduwee en sy ranke was oor die seders van God.
- 12 Hy het sy wortels uitgestuur tot by die see en sy takke na die riviere toe.
- 13 Waarom het U dan sy skanse stukkend gebreek sodat almal wat met die pad verbygaan, oor hom trap?
- 14 Die wildevark uit die bos eet hom op en die wilde diere van die veld eet van hom.

- 15 Ons smeek U om terug te kom, o God van die leërmagte, kyk vanaf die hemel en
let op en besoek hierdie wingerdstok
- 16 wat U regterhand geplant het en die tak wat U vir Uself sterk gemaak het.
- 17 Dit is met vuur verbrand, dit is afgekap; hulle sterf weens die teregwyding van U
Teenwoordigheid.
- 18 Laat U regterhand wees oor die man en die seun van 'n mens wat U vir Uself sterk
gemaak het.
- 19 Ons sal nie van U af teruggaan nie; herstel ons en ons sal U Naam (Karakter en
Outoriteit) aanroep.
- 20 Lei ons weer, o יהוה, God van die leërmagte, laat U gesig skyn en ons sal gered
word.

- 81** 1 Vir die musiekleier: op 'n Gittitiese harp, 'n gedig van Asaf, met instrumentale
musiek.
- 2 Sing van vreugde tot God, ons sterkte; roep uit van vreugde tot die God van
Ya'akov!
- 3 Maak musiek met instrumente en bring die tamboeryn, die aangename harp en die
lier.
- 4 Blaas die ramshoring op die Nuwemaan en op die vasgestelde tye, op ons ernstige
feesdae,
- 5 want dit is 'n instelling vir Yisra'el en 'n wet van die God van Ya'akov.
- 6 Hy het dit ingestel as getuie in Yosef toe hy uitgegaan het na die land van
Mitzrayim, waar hy 'n taal gehoor het wat hy nie geken het nie.
- 7 Ek het die las van sy skouers af verwyder, Ek het sy hande losgemaak van die bande.
- 8 Hy het na My geroep in sy moeilikheid en Ek het hom bevry; Ek het hom onder My
geheime bedekking gesit; Ek het hom getoets by die waters van M'rivah.
- 9 Luister, o My volk en Ek sal praat; o Yisra'el, Ek sal aangaande jou getuig, as jy na
My sal luister!
- 10 Daar mag geen vreemde god by jou wees nie en jy mag ook voor geen vreemde
god neerbuig nie.
- 11 Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim uitgebring het; maak jou
mond wyd oop en Ek sal dit vul,
- 12 maar My volk wou nie na My stem luister nie en Yisra'el wou niks van My weet
nie.
- 13 Hulle het geleef volgens die begeertes van hulle eie verstand, wil en emosie en
volgens hulle eie raad.
- 14 Ag, as My volk tog maar na My wou luister en hoor; Yisra'el in My lewenswyses
wou leef!
- 15 Ek sou hul vyande gou vernietig het en My hand teen hul teëstanders gedraai het.
- 16 Die haters van יהוה het vir Hom gelieg, maar hulle sal vir ewig bewe.
- 17 Hy het hulle ook gevoed met die beste van die koring en met heuning uit die rots
hulle versadig.

82 1 'n Gedig van Asaf, met instrumentale musiek.

God staan in die godsvergadering; Hy oordeel oor die gode.

2 Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die bose?

3 Verdedig die armes en die vaderlose; gee regverdigheid aan die siekes en die behoeftiges.

4 Bevry die armes en behoeftiges uit die hand van die bose.

5 Hulle weet nie en sal ook nie verstaan nie; hulle loop aan in duisternis; al die fondasies van die aarde word geskud.

6 Ek het gesê: "Julle is gode;"^{Eks 7:1} almal van julle is seuns van die Allerhoogste."^{Yog 10:34}

7 Van nou af sal julle sterf soos mense en val soos een van die prinse.

8 Staen op, o God, oordeel die aarde, want U het 'n erfenis onder al die nasies.

83 1 'n Lied, 'n gedig van Asaf, met instrumentale musiek.

2 O God, wie is soos U? Moenie swyg en stil wees nie, o God,

3 want let op, U vyande is rasend en hulle wat U haat, het hulle kop opgelig teen U volk.

4 Hulle het listige raad geneem en het beraadslaag teen hulle wat deur U gekies is.

5 Hulle het gesê: "Kom, laat ons hulle vernietig vanuit tussen die nasies sodat die naam van Yisra'el nie meer onthou word nie,

6 want hulle het saamgestem met een verstand, wil en emosie; hulle het saamgestaan teen U:

7 die tente van Edom en die Yishma'eliete, Mo'av en die Hagrimiete,

8 G'val, 'Ammon en 'Amalek, P'leshet saam met die inwoners van Tzor.

9 Ashur het ook by hulle aangesluit; hulle help die seuns van Lot.

10 Doen aan hulle soos aan Midyan, soos met Sisra en Yavin by die spruit van Kishon,^{Rig 4:7,17}

11 wat vernietig is by 'Ein-dor; hulle het soos mis geword vir die grond.

12 Vernietig hulle edeles, soos 'Orev en Ze'ev; ja al hulle prinse soos Zevag en Tzalmuna,

13 want hulle het gesê: "Laat ons die stad van God vir onself erf!

14 O, my God, maak hulle soos 'n draaiende wiel en soos stoppels voor die wind.

15 Soos vuur 'n bos brand en soos die vlam die berge aan die brand steek;

16 vervolg hulle só met U hewige storm en maak hulle bang met U storm.

17 Bedek hulle gesigte met skande sodat hulle U Naam (Karakter en Outoriteit) kan soek, o יהוה!

18 Laat hulle verward en gepla wees vir ewig; ja laat hulle tot skande kom en vergaan

19 sodat hulle kan weet dat U, wie se Naam (Karakter en Outoriteit) alleen יהוה is, die Allerhoogste is oor die hele aarde.

84 1 Vir die musiekleier: op 'n Gittitiese harp, 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.

2 Hoe lieflik is U tente, o יהוה-Tzva'ot!

- 3 My lewe verlang, ja, smag na die voorhowe van יהוה; my verstand, wil en emosie en my vlees roep uit van vreugde tot die lewende God. ^{Open 1:18}
- 4 Selfs die swaweltjie het 'n huis gevind en die duif 'n nes vir haarself, waar hulle hul kleintjies naby U altare grootmaak, יהוה-Tzva'ot, my Koning en my God!
- 5 Gelukkig is hulle wat in U huis bly; hulle sal U helder en duidelik loof vir ewig.
- 6 Gelukkig is die mens wie se hulp vanaf U is, in wie se verstand, wil en emosie U lewenswyse is.
- 7 Hulle het deur die vallei van trane gegaan en dit 'n blyplek gemaak; die Wetgewer sal dit oordek met seëninge.
- 8 Hulle sal gaan van krag tot krag; die God van die gode sal in Tziyon gesien word.
- 9 יהוה, God van die leërmagte, hoor my gebed; luister, o God van Ya'akov!
- 10 Let op, o God, ons Skild en kyk na die gesig van U gesalfde,
- 11 want 'n dag in U howe is beter as 'n duisend; ek sal eerder kies om te bly in die huis van my God as om te bly in die tente van die bose, ^{Ps 23:6}
- 12 want יהוה-God is ons Voorsiener en ons Helper; יהוה sal onverdiende guns, lof en eer gee; Hy sal geen goeie ding terughou van hom wat opreg lewe nie.
- 13 יהוה-Tzva'ot, gelukkig is die mens wat in U vertrou!

85 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek.

- 2 יהוה, U was goedgunstig tot U land; U het die gevangenskap van Ya'akov omgedraai.
- 3 U het die oortredinge van U volk vergewe, al hulle sondes bedek.
- 4 U het al U woede weggevat, U het die intensiteit van U woede teruggetrek.
- 5 Herstel ons, o God, ons Verlosser en laat U woede teen ons ophou!
- 6 Wees nie vir ewig vir ons kwaad nie, hou nie U woede teen al die geslagte nie.
- 7 Herstel ons en wek ons op sodat U volk hulleself in U kan verheug.
- 8 Wys ons U onverdiende guns, o יהוה en gee aan ons U verlossing!
- 9 Ek sal hoor wat יהוה, ons God, sal sê, want Hy sal vrede oor Sy volk en oor Sy afgesonderdes praat dat hulle nie weer tot dwaasheid sal draai nie!
- 10 Sy verlossing is sekerlik naby aan die wat Hom respekvol vrees, laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid in ons land bly.
- 11 Onverdiende guns en waarheid ontmoet mekaar; onpartydige opregtheid en vrede soen mekaar.
- 12 Waarheid sal uit die aarde uit opspring en onpartydige opregtheid sal uit die hemel uit neerkyk.
- 13 Ja, יהוה sal Sy goedheid gee en die land sal sy opbrengs lewer
- 14 en die onpartydig opregte gaan voor Hom uit en Hy sal sy paaie vestig op die aarde.

86 1 'n Gebed van Dawid. Draai U oor na my, o יהוה, hoor my, want ek is arm en behoeftig.

- 2 Bewaar my lewe, want U is afgesonderd; o my God, red U dienskneg wat in U vertrou.

- 3 Wees my goedgunstig, o יהוה, want ek roep elke dag na U.
 4 Verbly die lewe van U dienskneg, want tot U, יהוה, lig ek my lewe op,
 5 want U, o יהוה, is goed en U liefdevolle goedheid is oorvloedig vir almal wat U aanroep.
 6 Luister na my gebed, o יהוה en gee aandag aan die stem van my smeking.
 7 In die dag van my moeilikheid het ek na U geroep en U het my geantwoord.
 8 Daar is niemand soos U, יהוה my God en daar is geen dade soos U s'n nie.
 9 Al die nasies wat deur U gemaak is, sal kom en voor U neerbuig, o יהוה en U volle Karakter en Outoriteit (Naam) loof en eer,
 10 want U is groot en doen wonderlike dinge; U alleen is God. ^{Open 15:3}
 11 Wys my U lewenswyses, ek sal in U waarheid lewe; my verstand, wil en emosie sal bly wees saam met hulle wat U Naam (Karakter en Outoriteit) respektvol vrees.
 12 Ek sal U loof en dank met uitgestrekte hande, o יהוה, my God, met my hele verstand, wil en emosie en ek sal U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig loof en eer,
 13 want U liefdevolle goedheid is groot teenoor my en U het my lewe uit die dieptes van Sh'ol bevry.
 14 O God, die bese het teen my opgestaan en die vergadering van gewelddadige manne soek my lewe en hulle dink nie aan U nie,
 15 maar U, o יהוה-God, is vol liefdevolle omgee en onverdiende guns, lankmoedig en oorvloedig in goedheid en waarheid.
 16 Draai na my toe en bewys aan my onverdiende guns; gee krag aan U dienskneg en red die seun van U diensmaagd.
 17 Wys aan my 'n teken ten goede sodat hulle wat my haat dit kan sien en beskaamd kan staan omdat U, o יהוה, my gehelp en vertroos het.

87 1 'n Gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek; 'n lied.
 Haar fondasies is op Sy afgesonderde berg.

- 2 יהוה het die poorte van Tziyon meer lief as al die blyplekke van Ya'akov.
 3 Wonderlike dinge word van jou gesê, o stad van ons God!
 4 Ek sal noem van Ragav en Bavel, want hulle ken my krag; let op P'leshet, Tzor en die mense van Kush, dit sal gesê word dat hierdie man daar gebore is
 5 en van Tziyon sal gesê word: "Hierdie magtige man is in haar gebore en hy sal haar in stand hou."
 6 יהוה sal Sy volk tel soos Hy hulle in die boek opskryf; hierdie man is daar gebore.
 7 Die prinse wat in jou bly, sal bly wees en almal wat in jou nederig gemaak is.

88 1 'n Lied, 'n gedig van die seuns van Korag, met instrumentale musiek; vir die musiekleier: op die wysie van "Máhalat leannot (Siekte van onderdrukking)," 'n onderwysing van Heman, die Ezrahiet.

- 2 יהוה, God van my verlossing, ek het dag en nag voor U uitgeroep.
 3 Laat my gebed voor U kom, draai U oor tot my smeking,
 4 want my lewe is vol moeilikhede en my lewe is naby Sh'ol.
 5 Ek word gereken by hulle wat afgaan in die put; ek is soos 'n man sonder krag,

- 6 soos 'n edelman verlate tussen die dooies, soos die wat neergeslaan is, wat in die graf lê, vir wie U nie meer onthou nie; hulle is verlore vir U.
- 7 U het my in die diepste put neergelê, in duisternis, in die skadu van die dood.
- 8 U woede rus swaar op my en U het my neergedruk met al U golwe.
- 9 U het hulle wat my ken ver van my af verwyder, my vir hulle verwerplik gemaak; ek is toegesluit en kan nie uitkom nie.
- 10 My oë is verswak deur te huil. יְהוָה, ek het daagliks na U toe uitgeroep, ek het my hande uitgesteek na U toe.
- 11 Let op, U sal wonders aan die dooies wys; die magtiges sal opstaan en U loof en dank met uitgestrekte hande.
- 12 Hulle wat in die graf is, sal U liefdevolle goedheid verkondig en U getrouheid in verwoesting.
- 13 U wonders sal bekend wees in die duisternis en U onpartydige opregtheid in die land wat in die steek gelaat is.
- 14 Ek het egter na U geroep, o יְהוָה en in die oggend sal my gebed vroeg voor U kom.
- 15 יְהוָה, verstoot nie my lewe en draai nie U gesig weg van my nie.
- 16 Ek is arm en neergebuig van my jeug af; ek was trots, maar nou is ek verneder en vergruis.
- 17 U intense woede gaan oor my; U verskrikkinge het my stil gemaak;
- 18 hulle het my elke dag omring soos water, hulleself opgestel rondom my.
- 19 U het vriende en naaste ver van my verwyder; die wat my ken, het U van my af weggehou.

89 ¹ 'n Onderwysing van Eitan, die Ezrahiet.

- 2 Ek sal sing van die goedheid van יְהוָה vir ewig; ek sal U getrouheid van geslag tot geslag met my mond bekend maak,
- 3 want ek het gesê: “Die wêreld sal opgebou word deur goedheid; U getrouheid word in die hemele bevestig.”
- 4 Ek het 'n verbond gesluit met wie Ek gekies het; Ek het gesweer tot Dawid, My dienskneg: ^{Yir 33:21,26; Yeg 37:24,25}
- 5 “Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou van geslag tot geslag.” ^{Hand 13:23}
- 6 Die hemele sal U wonders loof met uitgestrekte hande, o יְהוָה, U getrouheid ook in die vergadering van die afgesonderdes,
- 7 want wie in die hemel kan met יְהוָה vergelyk word? Wie van die engele kan met יְהוָה vergelyk word?
- 8 God staan op in die raad van die afgesonderdes, groot en respekvol gevrees bo almal wat rondom Hom is.
- 9 O יְהוָה, God van die leërmagte, wie is magtig soos U? U getrouheid is rondom U!
- 10 U heers oor die prag en praal van die see; U maak sy golwe stil.
- 11 U het die trotses verneder soos een wat verslaan is, U het U vyande met U sterk arm verstrooi.

- 12 Die hemele behoort aan U, ook die aarde is U s'n; wat die wêreld en sy volheid betref, U het dit begin.
- 13 Die noorde en die suide, U het hulle geskep; Tavor en Hermon sal in U Naam (Karakter en Outoriteit) sing van vreugde.
- 14 Dit is U arm en dit is U mag; U hand is sterk en U hand sal opgelig word.
- 15 U troon word gebou op onpartydige opregtheid en regverdige oordeel; onverdiende guns en waarheid gaan voor U Teenwoordigheid uit. ^{Heb 1:8}
- 16 Gelukkig is die volk wat U Gemanifesteerde Teenwoordigheid ken; o יהוה, hulle sal in die lig van U aangesig loop.
- 17 In U Naam (Karakter en Outoriteit) sal hulle die hele dag lank juig en deur U onpartydige opregtheid opgelig word,
- 18 want U is die Lof en Eer van ons sterkte en deur U guns sal ons horing opgelig word,
- 19 want יהוה is ons Versekerde Verwachting en die Afgesonderde Een van Yisra'el is ons Koning. ^{Hebr 11:1}
- 20 Toe het Hy in visioene gepraat met Sy regverdige en gesê: "Ek het hulp verleen aan 'n man, Ek het een opgelig wat vanuit die volk gekies is.
- 21 Ek het Dawid, My dienskneg, gevind; met My afgesonderde olie het Ek hom gesalf. ^{Hand 13:22}
- 22 My hand het hom gehelp, My arm het hom ook versterk.
- 23 Die vyand sal nie sterk wees teenoor hom nie, of die seuns van die bose hom lastig val nie
- 24 en Ek sal sy vyande voor hom vernietig en die een wat hom haat, lastig val,
- 25 maar My getrouheid en onverdiende guns sal by hom wees en in My Karakter en Outoriteit (Naam) sal sy horing opgelig word.
- 26 Ek sal sy hand ook op die see lê en sy regterhand op die riviere.
- 27 Hy sal na My toe uitroep: 'U is my Vader, my God en my Magtige Verlosser!' ^{Heb 1:5}
- 28 Ék sal hom My eersgeborene maak en hom verhoog bo die konings van die aarde.
- 29 Ek sal My goedheid vir ewig vir hom hou en My verbond sal vasstaan met hom.
- 30 Ek sal ook sy nageslag vir ewig laat duur en sy troon soos die dae van die hemel.
- 31 As sy seuns My wet verlaat en nie in My regverdige oordele loop nie,
- 32 as hulle My instellings verbreek en My opdragte nie uitvoer nie,
- 33 dan sal Ek hulle oortredinge met die lat besoek en hulle onregverdigheid met hou.
- 34 Nogtans sal Ek My liefdevolle goedheid nie heeltemal van hom af wegvat of My goedheid laat faal nie.
- 35 Ek sal ook nie My verbond verwerp of die dinge wat oor My lippe gegaan het, verander nie.
- 36 Een maal het Ek teenoor Dawid by My afgesonderdheid gesweer en Ek sal nie lieg nie!
- 37 Sy nageslag sal aanhou vir ewig en sy troon soos die son voor My.
- 38 Dit sal soos die maan vir ewig as 'n getroue getuie in die hemel vasstaan."
- 39 U het ons egter verstoot en verag, U het dat U gesalfde sy gesig draai.
- 40 U het die verbond met U dienskneg verwerp, U het sy kroon teen die grond gegooi.

- 41 U het al sy omheinings afgebreek; U het sy vestings tot vernietiging gebring.
 42 Almal wat verbygaan het op hom getrap; hy het 'n bespotting vir sy bure geword.
 43 U het die regterhand van sy teëstanders opgestel; U het al sy vyande bly gemaak.
 44 U het die snykant van sy swaard gedraai en hom nie ondersteun in die geveg nie.
 45 U het sy lof en eer laat ophou en sy troon teen die grond neergegooi.
 46 U het die dae van sy jeug verkort, hom met skaamte oordek.
 47 Hoe lank sal U, יהוה, kwaad wees? Sal U woede vir ewig brand soos 'n vuur?
 48 Onthou my vanaf die tyd wat ek geskep is, want U het geen mens sonder rede geskep nie.
 49 Wie is die mens wat leef en nie die dood sal sien nie? Sal hy sy lewe red uit die hand van Sh'ol?
 50 יהוה, waar is U vorige liefdevolle goedheid wat U aan Dawid in U waarheid gesweer het?
 51 Onthou, יהוה, die bespotting van U diensknegte, want ek het deur my lewe die bespotting van die ander nasies verdra,
 52 waarmee U vyande, יהוה, my gespot het, waarmee hulle die voetstappe van U gesalfde gespot het.
 53 Geseënd is יהוה vir ewig! 'n Ewige waarheid.

- 90** ¹ 'n Gebed van Mosheh, die man van God. יהוה, U was ons Blyplek van geslag tot geslag.
 2 Voordat die berge voortgebring is of voor U ooit die aarde en die wêreld gevorm het, van ewigheid tot ewigheid is U God.
 3 U draai die mens weg van vernietiging en sê: "Keer terug, o mensekinders!"
 4 Want duisend jaar in U oë is soos die dag van gister as dit verby is en soos 'n wagbeurt in die nag. ^{2 Kef 3:8}
 5 Die span van hulle lewe sal wees soos 'n slaap; in die oggend is hulle soos die gras wat verander:
 6 in die oggend floreer dit en groei; in die aand word dit afgesny en dit verdroog,
 7 want ons word verteer deur U woede en deur U toorn word ons lastig geval.
 8 U stel ons booshede voor U, die sondes van ons jeug in die lig van U Teenwoordigheid,
 9 want al ons dae gaan verby onder U toorn, ons bring ons jare deur in sinnelose boosheid.
 10 Die jare van ons lewens is sewentig jaar en wanneer ons baie sterk is, tagtig jaar, tog is die meeste daarvan inspanning en smart, want die lewe word gou afgesny en ons vlieg weg.
 11 Wie ken die krag van U woede en die vrees van U toorn?
 12 Leer ons om ons dae so te tel dat ons ons verstand, wil en emosie tot wysheid mag wend!
 13 Keer terug, יהוה! Vir hoe lank wil U nie U diensknegte vertroue nie?
 14 Bevredig ons in die oggend vroeg met U goedheid sodat ons kan uitroep van vreugde en bly wees, al ons dae.

- 15 Maak ons bly omdat ons boosheid en die jare waarin ons boosheid gesien het, dood is.
 16 Laat U werk vir U diensknegte sigbaar word en U Gemanifesteerde Teenwoordigheid vir hulle kinders
 17 en laat die mooiheid van יהוה, ons God, oor ons wees, want die werk van Sy hande het ons gemaak, ja, Hy het ons gemaak deur die werk van Sy hande!

- 91** 1 Hy wat bly in die beskerming van die Allerhoogste, sal volhard onder die skaduwee van die Almagtige.
 2 Ek sal van יהוה sê: "Hy is my Skuilplek en my Vesting, my God, in Hom sal ek vertrou."
 3 Hy sal jou sekerlik bevry uit die net van die voëlvanger en van leë geskinder.
 4 Hy sal jou todek met Sy vere en onder Sy vlerke sal jy vertrou; Sy waarheid sal jou skild en groot skild wees.
 5 Jy sal nie vir die ang van die nag of vir die pyl wat bedags vlieg vrees nie,
 6 ook nie vir die sameswering wat versprei in die donker, of vir die pestilensie wat op die middag verwoes nie!
 7 Duisend sal val aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand, maar dit sal nie naby jou kom nie.
 8 Jy sal net met jou oë die vergelding van die bose sien,
 9 want U, יהוה, is my Vertroue; U het U blyplek in die hoogste plek gemaak.
 10 Geen boosheid sal op jou val of enige plaag naby jou tent kom nie,
 11 want Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou in al jou doen en late te beskerm. Mat 4:6; Luk 4:11
 12 Hulle sal jou op hulle hande dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sou stamp nie.
 13 Jy sal op die leeu en die adder trap, die jong leeu en die draak onder jou voet vertrap.
 14 Omdat hy My voortdurend lief het, sal Ek hom bevry; Ek sal hom hoog oplig omdat hy My Karakter en Outoriteit (Naam) ken. Yog 14:15; 15:14
 15 Hy sal My aanroep en Ek sal hom antwoord; Ek sal by hom wees deur moeilikheid, Ek sal hom bevry en hom eer. Dan 3:17,18
 16 Met 'n lang lewe sal Ek hom tevrede stel en aan hom My verlossing wys.

- 92** 1 'n Gedig met instrumentale musiek, 'n lied vir die Shabbat.
 2 Dit is 'n goeie ding om dank en lof met uitgestrekte hande aan יהוה te gee en tot U Naam (Karakter en Outoriteit) te sing en musiek te maak, o Allerhoogste;
 3 om U liefdevolle goedheid in die oggend en U getrouheid elke nag te verkondig.
 4 Ek sal op die tiensnarige instrument en op die lier speel, op die harp met 'n plegtige klank,
 5 want deur U dade het U my bly gemaak, o יהוה; ek sal uitroep van vreugde oor die werke van U hande.
 6 Hoe groot is U werke, o יהוה; baie diep is U gedagtes!
 7 'n Dom mens weet nie en ook verstaan 'n dwaas dit nie: Rom 1:22

8 as die wetsoortreders opspring soos gras en al die werkers van boosheid floreer, is dit dat hulle vir ewig vernietig sal wees,
 9 maar U is die Allerhoogste vir ewig, יְהוָה,
 10 want let op, U vyande, o יְהוָה, let op, U vyande sal vergaan; al die werkers van boosheid sal verstrooi word,
 11 maar U verhoog my horing soos die horing van 'n wilde bul (Aurogs); ek sal gesalf word met welriekende olie.
 12 My oog sal ook my begeerte oor my vyande sien en my ore sal my begeerte hoor teen die bose wat teen my opstaan.
 13 Die regverdige sal floreer soos die palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder in L'vanon. ^{Yeg 47:12; Ps 1:3; Ps 144:12}
 14 Die wat geplant is in die huis van יְהוָה, sal floreer in die howe van ons God.
 15 Hulle sal steeds vrugte dra op 'n hoë ouderdom, hulle sal mooi en begeerlik wees,
 16 om te wys dat יְהוָה opreg is; ^{Rom 9:14} Hy is magtig en daar is geen boosheid in Hom nie.

93 1 יְהוָה regeer, Hy is met majesteit beklee. יְהוָה is beklee met sterkte waarmee Hy Homself omgord het. Die wêreld is ook vasgestel sodat dit nie beweeg kan word nie.
 2 U troon is van ouds af vasgestel; U is van ewigheid af.
 3 Die riviere vloei vol, o יְהוָה, die riviere het hulle stem opgelig; die riviere vloei met reinheid!
 4 יְהוָה daar hoog is magtiger as die klank van baie waters, ja, as die magtige golwe van die see!
 5 U getuienisse is baie seker. Afgesonderdheid pas vir ewig by U huis, o יְהוָה!

94 1 O יְהוָה-God aan Wie wraak toekom; o, God aan Wie wraak toekom, wys Usself!
 2 Lig Usself op, Regter van die aarde; beloon die trotsaard!
 3 O יְהוָה, hoe lank sal die bose, hoe lank sal die bose grootpraat?
 4 Hulle uiter en praat onregverdighede; hulle praat allerhande bose dinge,
 5 want hulle het U volk verneder, o יְהוָה, U erfenis onderdruk.
 6 Hulle maak die weduwee en die onskuldige dood en vermoor die vaderlose.
 7 Tog sê hulle: "יְהוָה sien dit nie en die God van Ya'akov ag dit ook nie."
 8 Verstaan, o onverstandiges onder die volk en julle dwase, wanneer sal julle wys word?
 9 Sou Hy wat die oor geplant het, nie hoor nie, of Hy wat die oog gevorm het, sal Hy nie sien nie?
 10 Sou Hy wat die nasies tugtig, nie straf nie; Hy wat die mens kennis leer, sal Hy nie weet nie?
 11 יְהוָה ken die gedagtes van die mens; dit is soos 'n asem. ^{1 Kor 3:20}
 12 Geseënd is die man wat deur U gedissiplineer word, o יְהוָה en wat deur U geleer word vanuit U wet ^{Heb 12:6,7}

- 13 dat U hom rus kan gee van die dae van teëspoed totdat die put vir die bose gegrawe sal word,
 14 want יהוה sal nie Sy volk eenkant gooi nie ^{1 Sh'm 12:22; Rom 11:2} en ook nie Sy erfenis verlaat nie,
 15 want die oordeel sal terugkeer tot die onpartydig-opregte en al die opregtes van verstand, wil en emosie sal dit volg.
 16 Wie sal namens my opstaan teen die boosdoeners? Wie sal opstaan teen die werkers van boosheid?
 17 As יהוה nie vir my 'n Hulp was nie, dan was my lewe gou in die moeilikheid.
 18 As ek sou sê: "My voet gly," het U onverdiende guns my opgehou, o יהוה!
 19 In die menigte van my verdriet, verkwik U vertroosting my lewe. ^{2 Kor 1:3}
 20 Bose heersers sal nie gemeenskap met U hê nie, want hulle het moeilikheid teen U wet beplan.
 21 Hulle stel strikke teen die lewe van die regverdige en veroordeel onskuldige bloed,
 22 maar יהוה is my Verdediging en my God is die Rots van my skuiling.
 23 Hy sal hulle eie oortredinge op hulle laat kom en hulle stilmaak in hul eie boosheid; ja, יהוה, ons God, sal hulle stilmaak.

- 95** 1 Kom, laat ons uitroep van vreugde tot יהוה, 'n harde geraas maak van blydschap tot die God van ons verlossing.
 2 Laat ons met uitgestrekte hande in lof voor Sy Teenwoordigheid kom en uitroep van vreugde met instrumentale musiek,
 3 want יהוה is 'n groot God en 'n groot Koning bo alle gode.
 4 In Sy hande is die fondasies van die aarde; die sterkte van die heuwels is ook Syne.
 5 Die see behoort aan Hom, Hy het dit gemaak, Sy hande het die droë land gevorm.
 6 Kom, laat ons op ons gesigte neerval en neerbuig; laat ons kniel voor יהוה, ons Maker,
 7 want Hy is ons God en ons is die volk van Sy weiveld en die skape van Sy hand.
 Vandag, as jy maar Sy stem wil hoor, luister en doen.
 8 Moenie julle verstand, wil en emosie verhard soos in die uittarting en soos op die dag van versoeking in die wildernis ^{Heb 3:10,11,15}
 9 toe julle vaders My getoets het, My beproef het en My werk gesien het nie.
 10 Veertig jaar lank het Ek getreur oor daardie geslag en gesê: "Hulle is 'n volk wat verkeerd doen in hulle verstand, wil en emosie en hulle het nie My lewenswyse geken nie; ^{Ps 103:8-10}
 11 tot wie Ek in My woede gesweer het dat hulle nie in My rus sal ingaan nie! ^{Heb 4:3,5}

- 96** 1 Sing tot יהוה 'n nuwe lied; sing tot יהוה, die hele aarde!
 2 Sing tot יהוה, loof Sy Naam (Karakter en Outoriteit), verkondig Sy verlossing van dag tot dag.
 3 Verkondig Sy lof, eer en waarde aan al die nasies, Sy wonders onder al die volke,
 4 want יהוה is groot en waardig om helder en duidelik geloof te word; Hy moet respekvol gevrees word bo alle gode,

- 5 want al die gode van die nasies is leeg, maar יהוה het die hemele gemaak.
 6 Eer en majesteit is voor Sy Teenwoordigheid, sterkte en mooiheid is in Sy Afgesonderde Plek.
 7 Gee aan יהוה, o familie van die volke, gee aan יהוה eer, lof en aanbidding.
 8 Gee aan יהוה die eer, lof en aanbidding wat Sy Karakter en Outoriteit (Naam) waardig is; bring 'n offer en kom in Sy howe in.
 9 Val in die tempel van afgesonderdheid voor יהוה op jou gesig neer; bewe voor Hom, o hele aarde!
 10 Sê onder die volke dat יהוה heers! Die wêreld sal gevestig word sodat dit nie beweeg kan word nie. Hy sal die volke regverdig oordeel.
 11 Laat die hemele hulle verheug en die aarde bly wees; laat die see en sy volheid raas.
 12 Laat die veld spring van vreugde en alles wat daarin is; dan sal al die bome van die woud uitroep van vreugde Rom 8:22-23
 13 voor die Teenwoordigheid van יהוה, want Hy kom, Hy kom om die aarde te oordeel. Hy sal die wêreld oordeel in onpartydige opregtheid en die volke in Sy waarheid.

- 97** 1 יהוה heers; laat die aarde hom verheug; laat die baie eilande bly wees!
 2 Wolke en donkerheid is rondom Hom; onpartydige opregtheid en regverdig oordeel is die fondasie van Sy troon. Heb 1:8
 3 Vuur gaan voor Hom uit en verbrand Sy vyande rondom. 2 Kef 3:10-12
 4 Sy weerligstrale verlig die wêreld; die aarde het gesien en gebewe.
 5 Die heuwels smelt soos was voor die Teenwoordigheid van יהוה, voor die Teenwoordigheid van die Meester van die hele aarde.
 6 Die hemele verklaar Sy onpartydige opregtheid en al die volke sien Sy lof, eer en waarde. Rom 1:19,20
 7 Beskaamd staan almal wat gemaakte beelde dien, wat hulle op afgode beroem; aanbid Hom, alle magtiges.
 8 Tziyon het gehoor en was bly en die dogters van Y'hudah verheug hulle oor U regverdige oordele, o יהוה,
 9 want U, יהוה, is hoog verhewe oor die hele aarde; U is hoog verhewe bo alle gode.
 10 Julle wat יהוה lief het, moet die boosheid haat! Hy bewaar die lewens van Sy afgesonderdes; Hy bevry hulle uit die hand van die bose.
 11 Die lig skyn vir die onpartydig-opregte en blydschap vir die opregtes van verstand, wil en emosie.
 12 Verheug julle in יהוה, regverdiges en loof en dank met hande uitgestrek by die herinnering aan Sy afgesonderdheid!

- 98** 1 'n Gedig met instrumentale musiek. Sing tot יהוה 'n nuwe lied, want Hy het wonderlike dinge gedoen; Sy regterhand en Sy afgesonderde arm het vir Hom die oorwinning gebring.
 2 יהוה het Sy verlossing bekend gemaak, Sy onpartydige opregtheid voor die oë van die nasies openbaar.

- 3 Hy het Sy onverdiende guns en waarheid teenoor die huis van Yisra'el onthou; al die eindes van die aarde het die verlossing van ons God gesien.
 4 Roep uit van vreugde tot יהוה die hele aarde; juig, jubel, sing en maak musiek!
 5 Sing en maak musiek tot יהוה met die harp, met die harp en die stem van sang, begelei met instrumente,
 6 juig met harde klanke van trompette en ramshorings voor die Teenwoordigheid van יהוה, die Koning!
 7 Laat die see en sy volheid raas, die wêreld en hulle wat daarin woon.
 8 Laat die riviere hulle hande klap, die heuwels saam vreugdevol wees
 9 voor die Teenwoordigheid van יהוה, want Hy kom om die aarde te oordeel; met onpartydige opregtheid sal Hy die wêreld oordeel, die mense met gelykheid. ^{Ope 5:9}

- 99** 1 יהוה heers; laat die volke bewe! Hy sit bo die gérubs; laat die aarde skud!
 2 יהוה is groot in Tziyon; Hy is hoog bo al die volke verhewe.
 3 Laat hulle U groot en geëerde Naam (Karakter en Outoriteit) loof en prys met uitgestrekte hande, want dit is afgesonderd.
 4 Die Koning se sterkte het ook die regverdige oordeel lief; U bevestig gelykheid en U voer oordeel, onpartydige opregtheid uit in Ya'akov.
 5 Lig יהוה, ons God, hoog op en val op die grond neer voor Sy voetstoel, want Hy is afgesonderd!
 6 Mosheh en Aharon was onder Sy priesters en Sh'mu'el onder hulle wat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep. Hulle het יהוה aangeroep en Hy het hulle geantwoord.
 7 Hy het met hulle in die wolkkolom gepraat, hulle het Sy getuienisse onderhou en die verbond wat Hy aan hulle gegee het.
 8 U het hulle geantwoord, o יהוה, ons God, U was vir hulle 'n Vergelder. O God, beloon hulle volgens hul dade.
 9 Lig יהוה, ons God hoog op en val op julle gesigte neer by Sy afgesonderde berg, want יהוה, ons God, is Afgesonderd.

- 100** 1 'n Gedig van lofprysing met uitgestrekte hande; met instrumentale musiek.
 Roep uit van vreugde voor יהוה, o hele aarde!
 2 Dien יהוה met blydschap; kom voor Sy Teenwoordigheid met uitroepe van vreugde.
 3 Weet dat Hy יהוה, ons God, is; dit is Hy wat ons gemaak het en nie onself nie, ons is Sy volk en die skape van Sy weiveld.
 4 Gaan Sy poorte in met lof en dank met uitgestrekte hande, in Sy howe in met lofprysing; wees dankbaar tot Hom en loof Sy Naam (Karakter en Outoriteit),
 5 want יהוה is goed; Sy liefdevolle goedheid is vir ewig en Sy waarheid hou stand in alle geslagte.

101 ¹ 'n Gedig van Dawid met instrumentale musiek.

Ek wil sing van goedheid en regverdige oordeel; tot U, יְהוָה, wil ek sing en musiek maak!

- 2 Ek wil myself wys gedra op 'n volmaakte manier. Wanneer sal U na my toe kom? Ek sal in my huis loop met 'n volmaakte verstand, wil en emosie.
- 3 Ek sal geen bose ding voor my oë sit nie; ek haat die doeners van boosheid, hulle sal nie naby my kom nie.
- 4 'n Valse verstand, wil en emosie moet weggaan van my af; ek sal geen boosheid ken nie.
- 5 Hy wat sy naaste vals beskuldig sal ek vernietig; ek sal nie eet saam met hom wat uit die hoogte kyk en trots van verstand, wil en emosie is nie.
- 6 My oë sal wees op die getroues in die land dat hulle saam met my kan bly; hy wat op 'n volmaakte manier leef sal my dien.
- 7 Hy wat bedrog pleeg, mag nie in my huis bly nie; hy wat leuens vertel, sal nie voor my oë bly nie.
- 8 In die vroeë oggend sal ek al die bose van die aarde stilmaak en ek sal al die werkers van boosheid uit die stad van יְהוּדָה uit vernietig.

102 ¹ 'n Gebed van die onderdrukte as hy oorweldig is en sy klagte uitstort voor יְהוָה.

- 2 Luister en hoor my gebed, יְהוָה, en laat my uitroep tot by U kom!
- 3 Draai nie U gesig weg van my op die dag as ek in die moeilikheid is nie; draai U oor na my toe; op die dag wat ek roep, antwoord my gou,
- 4 want my dae word verslind soos rook en my gebeente word wit gemaak asof hulle brand.
- 5 My verstand, wil en emosie is platgeslaan en verdor soos gras sodat ek vergeet om my brood te eet.
- 6 As gevolg van die stem van my gesug, kleef my gebeente vas aan my vlees.
- 7 Ek is soos 'n pelikaan van die wildernis; ek is soos 'n uil van die woestyn.
- 8 Ek word geskud en is alleen soos 'n mossie op die dakke van die huise.
- 9 Die hele dag lank spot my vyande my; die wat my eens geprys het, is nou geswore teen my.
- 10 Ek het as soos brood geëet en my drank gemeng met tranen,
- 11 as gevolg van U woede en U toorn, want U het my opgelig en my neergegooi.
- 12 My dae is soos 'n skaduwee wat verleng en ek is verdroog soos gras,
- 13 maar U, יְהוָה, sal voortduur vir ewig en U herinnering tot in alle geslagte.
- 14 Staen op en wys onverdiende guns aan Tziyon, want dit is tyd om aan haar onverdiende guns te wys,
- 15 want U knegte het plesier in haar klippe en vind guns in die stof daarvan.
- 16 So sal die ander nasies die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה respekvol vrees en al die konings van die aarde U Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
- 17 Wanneer יְהוָה Tziyon opbou, sal Hy in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid verskyn.

- 18 Hy sal die gebed van die onderdrukte in ag neem en nie hulle gebed verag nie.
 19 Dit sal opgeskryf word vir die komende geslagte en die volk wat geskep sal word, sal יהוה suiver, helder en duidelik loof, ^{Mat 21:43}
 20 want Hy het neergekyk vanaf die hoogte van Sy afgesonderde plek; vanaf die hemel het יהוה op die aarde gelet,
 21 om die gekerm van die gevangenes te hoor, om die wat tot die dood bestem is, los te maak,
 22 om die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה in Tziyon te verkondig en Sy lofprijsing in Yerushalayim,
 23 wanneer die volke en die koninkryke saam vergader om יהוה te dien. ^{Z'kh 14:16}
 24 Hulle het my krag op die aarde verswak; my gewaarsku oor die korthed van my dae.
 25 O, my God, neem my nie weg in die middel van my dae nie; U jare is regdeur alle geslagte!
 26 Van ouds het U die aarde se fondasies gelê en die hemele is die werk van U hande. ^{Heb 1:10-12}
 27 Hulle sal tot niet gaan, maar U sal voortgaan; ja, hulle sal almal soos 'n kledingstuk verslyt; soos 'n kleed sal u hulle verander,
 28 maar U is dieselfde en U jare sal geen einde hê nie.
 29 Die seuns van U diensknegte sal voortgaan en hulle nageslag sal voor U bevestig wees.

103 1 Van Dawid. Loof en eer יהוה, o my lewe en alles wat binne-in my is, loof en eer Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit)!

- 2 Loof en eer יהוה, o my lewe en moenie al Sy dade vergeet nie:
 3 wat al jou morele boosheid vergewe, wat al jou siektes genees; ^{Iyov 5:18; 1 Kefa 2:24}
 4 wat jou lewe losgekoop het van vernietiging; wat jou kroon met goedheid en liefdevolle omgee;
 5 wat jou mond versadig met goeie dinge sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.
 6 יהוה is Onpartydig Oprek en het regverdige oordeel vir almal wat onderdruk word.
 7 Hy het Sy lewenswyse aan Mosheh bekend gemaak, Sy dade aan die seuns van Yisra'el.
 8 Liefdevolle Omgee en Onverdiende Guns is יהוה, stadig om kwaad te word en oorvloedig in onverdiende guns. ^{Ya'a 5:11}
 9 Hy sal nie vir altyd twis en ook nie vir ewig Sy woede behou nie.
 10 Hy het nie met ons gehandel volgens ons sondes nie en ons ook nie beloon volgens ons morele boosheid nie, ^{Ps 95:10}
 11 want soos die hemele hoog bo die aarde is, so groot is Sy goedheid teenoor dié wat Hom respekvol vrees.
 12 So ver as wat die ooste is van die weste, so ver het Hy ons rebellie van ons af verwyder.
 13 Soos 'n vader omgee vir sy seuns, so gee יהוה om vir die wat Hom respekvol vrees,

- 14 want Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy onthou dat ons stof is.
 15 Wat die mens betref, sy dae is soos gras; soos 'n blom van die veld, so bloei hy,
 16 want wanneer die wind daaroor gaan, is dit weg en sy plek word nie meer geken
 nie,
 17 maar die liefdevolle omgee van יְהוָה is van ewigheid tot ewigheid vir hulle wat
 Hom respekvol vrees en Sy onpartydige opregtheid vir die kinders se kinders,
 18 vir die wat Sy verbond onderhou en vir hulle wat Sy opdragte onthou om hulle te
 doen. ^{Deut 7:9}
 19 יְהוָה het Sy troon in die hemele voorberei en Sy Koninkryk heers oor alles.
 20 Loof en eer יְהוָה, julle, Sy boodskappers wat kragtig is, wat Sy opdragte uitvoer in
 gehoorsaamheid aan die stem van Sy woord!
 21 Loof en eer יְהוָה, almal van julle, Sy leërmagte; Sy dienaars wat doen wat Hom
 tevrede stel!
 22 Loof en eer יְהוָה, al Sy werke, op al die plekke van Sy heerskappy! Loof en eer
 יְהוָה, o my lewe!

- 104** ¹ Loof en eer יְהוָה, o my lewe! יְהוָה my God, U is baie groot! U is aangetrek
 met eer en majesteit,
 2 U bedek Uself met lig soos met 'n kledingstuk, U wat die hemel uitstrek soos 'n
 gordyn;
 3 wat die balke van Sy kamers in die waters bou, wat Sy strydwa bo die wolke opstel,
 wat loop op die vlerke van die wind,
 4 wat van Sy boodskappers winde maak, Sy dienaars 'n brandende vuur, ^{Heb 1:7}
 5 wat die fondasies van die aarde gelê het sodat dit nooit verwyder kan word nie.
 6 U het dit met die diep watermassa bedek soos met 'n kledingstuk; die waters het
 bo-oor die berge gestaan.
 7 Deur U bestraffing het hulle gevlug, met die stem van U donderslag het hulle hul
 skielik weggehaas.
 8 Die berge het opgerys, valleie het weggesak na die plek wat U vir hulle beplan het.
 9 U het 'n grens daargestel waaroor hulle nie mag gaan nie, om die aarde nie te bedek
 nie. ^{Spr 8:29}
 10 U het die fontein uitgestuur na die valleie wat tussen die heuwels deur loop.
 11 Hulle gee water aan al die wilde diere van die veld; die wilde donkies les hulle
 dors.
 12 By hulle het die voëls van die hemel hulle blyplek; van tussen die heuwels sing
 hulle.
 13 Hy gee die berge water uit Sy boonste kamers; die aarde is tevrede met die vrug
 van U werke.
 14 Hy laat gras groei vir die beeste en kruie tot diens van die mens ^{Ps 105:35} dat hy kos
 uit die grond mag voortbring
 15 en wyn, wat die mens se binneste bly maak; olie, om sy gesig te laat blink en brood,
 wat die mens se binneste versterk.
 16 Die bome van יְהוָה is vol sap, die seders van L'vanon wat Hy geplant het.

- 17 Daar maak die voëls hulle neste, wat die ooievaar betref, haar huis is in die sipresse.
- 18 Die hoë berge is 'n skuilplek vir die ibex en die rotse 'n skuilplek vir die dassies.
- 19 Hy het die maan aangestel vir die vasgestelde tye; die son ken sy ondergaan.
- 20 Hy het donkerte gemaak en dit is nag, waarin al die diere van die woud uitkruip.
- 21 Die jong leeu brul vir hulle prooi en verwag hulle kos vanaf God.
- 22 Die son kom op en hulle maak hulleself bymekeer en lê neer in hul slaapplekke.
- 23 Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe.
- 24 Hoe talryk is U werke, יהוה! In wysheid het U dit alles gemaak; die aarde is vol van U rykdomme!
- 25 Let op, die groot en wye see waarin ontelbare dinge wemel, skeppinge, beide klein en groot.
- 26 Daarop seil die skepe; daarin is die Leviátan wat U geskep het om daarin te speel.
- 27 Hierdie almal wag op U dat U hulle kos mag gee in die regte seisoen.
- 28 Met wat U aan hulle gee, is hulle versadig; U maak U hand oop, hulle is tevrede.
- 29 U steek U gesig weg, hulle is omgekrap; U neem hulle asem weg, hulle sterf en keer terug tot hul stof.
- 30 U stuur U Gees uit, hulle word geskep en U maak die oppervlak van die aarde nuut.
- 31 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה duur voort vir ewig, יהוה sal verheug wees oor Sy werke,
- 32 Hy kyk na die aarde en dit bewys; Hy bestraf die berge en hulle rook.
- 33 Ek wil sing tot יהוה solank as wat ek leef, ek wil juig tot my God met sang en musiek terwyl ek bestaan.
- 34 Mag my uitinge aanvaarbaar wees vir Hom; ék sal bly wees in יהוה!
- 35 Laat die sondaars verteer word vanaf die aarde en die moreel bese mense nie meer wees nie! Loof en eer יהוה, o my lewe! Loof Yah alleen!

105 1 Loof en eer יהוה met uitgestrekte hande, roep uit tot Sy Naam (Karakter en Outoriteit), maak Sy daade bekend onder die volke.

- 2 Sing tot Hom, sing en maak musiek tot Hom, praat van al Sy wonderlike daade.
- 3 Loof Sy Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik; laat die verstand, wil en emosie van die wat יהוה soek, hulle verheug.
- 4 Soek na יהוה; wees sterk en soek Sy Teenwoordigheid voortdurend.
- 5 Onthou Sy wonderlike daade wat Hy gedoen het, Sy wonderwerke en die regverdige oordele van Sy mond,
- 6 o julle, nageslag van Avraham, Sy dienskneg, julle seuns van Ya'akov, Sy gekose!
- 7 Hy is יהוה, ons God; Sy regverdige oordele is oor die hele aarde.
- 8 Hy het Sy verbond vir ewig onthou, die woord wat Hy beveel het vir 'n duisend geslagte,
- 9 want Hy het Sy verbond met Avraham gesluit en Sy ede met Yitz'gak ^{Rom 9:7}
- 10 en dieselfde aan Ya'akov as 'n wet bevestig en aan Yisra'el as 'n ewige verbond,
- 11 met die woorde: "Aan jou sal Ek die land Kena'an gee, die aangewese deel van jou erfenis," ^{Gen 13:15; Gen 15:18; Hand 7:5}

- 12 toe hulle maar 'n paar mense in getal was, ja, baie min en vreemdelinge daarin.
13 Toe hulle getrek het van een nasie tot 'n ander, van een koninkryk na 'n ander volk,
14 het Hy geen mens toegelaat om hulle kwaad aan te doen nie; ja, Hy het konings om hulle ontwil gestraf
15 dat hulle aan Sy gesalfdes nie sal raak en Sy profete kwaad aandoen nie.
16 Meer nog het Hy 'n hongersnood oor die land uitgeroep; die halm van hulle koring verbreek.
17 Hy het 'n man voor hulle uit gestuur, Yosef, wat verkoop is as 'n slaaf,
18 wie se voete in boeie geknel is, hy is in ysters gelê,
19 tot op die tyd dat sy woord uitgekóm het, die woord van יהוה het hom getoets.
20 Die koning het gestuur, hom bevry en hom 'n heerser oor sy mense gemaak.
21 Hy het hom meester oor sy huis gemaak en heerser oor al sy besittings,
22 om die administrateurs te dissiplineer volgens sy wil en aan die oudstes wysheid te leer.
23 Yisra'el het ook na Mitzrayim gekom en Ya'akov het as gas gebly in die land van Gam.
24 Hy het Sy volk baie vermeerder en hulle sterker gemaak as hulle vyande.
25 Hy het hulle verstand, wil en emosie verander, om Sy volk te haat, om vals teen Sy diensknegte te handel.
26 Hy het Mosheh, Sy dienskneg, gestuur en Aharon wat Hy gekies het.
27 Hulle het Sy tekens en wonderwerke tussen hulle gewys in die land van Gam.
28 Hy het duisternis gestuur en dit donker gemaak en tog het hulle teen Sy woorde gerebelleer.
29 Hy het hulle waters verander in bloed en hulle visse dood gemaak.
30 Hulle land het gewemel van paddas, selfs in die binnekamers van hulle konings.
31 Hy het gepraat en daar het verskillende vlieë en luise in hulle hele grondgebied gekom.
32 Hy het hulle reëns in hael verander en vlamme vuur in hulle land gebring.
33 Hy het ook hulle wingerdstokke en hulle viebome stukkend geslaan en die bome in hulle grondgebied gebreek.
34 Hy het gepraat en die sprinkane en ruspes het sonder getal deur hulle land gekom
35 en hulle het al die kruie en vrugte van hulle lande verteer.
36 Hy het ook al die eersgeborenes van Mitzrayim neergeslaan, die eersgeborenes van al hulle seuns.
37 Hy het hulle ook uitgebring met silwer en goud en daar was nie een swak persoon in hulle stamme nie.
38 Mitzrayim was bly toe hulle vertrek het, want vrees vir hulle het op hulle geval.
39 Hy het 'n wolk uitgesprei om aan hulle skadu te gee en vuur om in die nag vir hulle lig te gee.
40 Die mense het gevra en Hy het kwartels gebring en hulle versadig met brood uit die hemel. Eks 16:4,15; Num 11:7,8; Yog 6:32
41 Hy het die rots oopgemaak, die water het uitgestroom en water het in die droë land gevloei,

42 want Hy het Sy afgesonderde belofte onthou wat Hy aan Avraham, Sy dienskneg,
gemaak het
43 en Sy volk met vreugde uitgelei en Sy jongmanne met uitroep van blydschap.
44 Hy het aan hulle die lande van die ander nasies gegee en hulle het die arbeid van
die volke geërf
45 sodat hulle Sy instellings kan nakom en Sy wette onderhou. Loof Yah alleen!

106 1 Loof en eer Yah alleen! Loof en prys יהוה met uitgestrekte hande, want Hy
is goed, want Sy goedheid duur vir ewig.

2 Wie kan die magtige daad van יהוה uiter? Wie kan al Sy lofprysing vertoon?
3 Gelukkig is hulle wat Sy oordele bewaar en te alle tye onpartydig opreg is.
4 Onthou ons, o יהוה, met die guns wat U vir U volk het; o, besoek ons met U
verlossing
5 dat ons die goeie van U gekosenes kan sien dat ons ons kan verheug in U vreugde
en helder en duidelik saam met U erfenis kan loof.
6 Ons het gesondig, saam met ons vaders; ons het oortree, verkeerd gedoen.
7 Ons vaders het nie U wonders in Mitzrayim verstaan nie, hulle het nie die oorvloed
van U goedheid onthou nie, maar was rebels teen Hom by die see, by die Sufsee.
8 Nogtans het Hy hulle gered om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil sodat Hy
Sy magtige krag bekend kon maak. ^{Yeg 14:22; 20:9}
9 Hy het ook die Sufsee bestraf sodat dit opgedroog het en Hy het hulle deur die
dieptes gelei, net soos deur die wildernis.
10 Hy het hulle gered uit die hand van die vyand en hulle bevry uit die hand van die
onderdrukker
11 en die waters het hulle teëstanders oordek; daar was nie een van hulle oor nie.
12 Toe het hulle Sy woorde geglo, hulle het Sy lofprysing besing, ^{Eks 15}
13 maar hulle het God gou vergeet, hulle het nie in Sy raad vertrou nie,
14 maar in die wildernis na hulle begeertes gesmag en God getoets in die woestyn.
15 Hy het hulle gegee wat hulle gevra het en aan hulle oorvloed gegee.
16 Hulle was in die kamp ook jaloers op Mosheh en op Aharon, die afgesonderdes
van יהוה.
17 Die aarde het oopgegaan en Datan ingesluk en die groep van Aviram bedek.
18 'n Vuur is aangesteek onder hulle groep, die vlam het die bese verbrand.
19 Hulle het 'n kalf by Horev gemaak en neergebuig voor die gegote beeld.
20 So het hulle hul Opgeligte Een verruil vir die afbeelding van 'n bees wat gras eet.
21 Hulle het God, hulle Verlosser, vergeet, wat groot dinge gedoen het in Mitzrayim,
22 wonderdade in die land van Gam en vreeslike dinge by die Sufsee;
23 daarom het Hy gesê dat Hy hulle sal vernietig, as Mosheh, Sy gekose, nie voor Sy
Teenwoordigheid vir hulle in die bres getree het om Sy woede weg te draai sodat
Hy hulle nie sou vernietig nie. ^{Yeg 22:30}
24 Ja, hulle het die begeerlike land verag, Sy woord nie vertrou nie,
25 maar in hul tente gemurmureer en nie na die stem van יהוה geluister nie;
26 daarom het Hy Sy hand teen hulle opgelig om hulle te verstrooi tussen die ander
nasies

- 27 en om ook hulle nageslag te verstrooi tussen die ander nasies en hulle los te laat in die lande.
- 28 Hulle het ook neergebuig voor die afgode van Ba'al-P'or en offerandes geëet wat aan die dooies geoffer is. ^{Num 25:1-3}
- 29 So het hulle Hom kwaad gemaak deur hulle dade, Hom kwaad gemaak deur hulle beelde en 'n plaag het skielik onder hulle uitgebreek.
- 30 Toe het Pingas opgestaan en oordeel uitgevoer en die plaag is gestop ^{Num 25:7-11}
- 31 en dit is vir hom gereken as 'n oorwinning, in alle geslagte vir ewig. ^{Num 25:12,13}
- 32 Hulle het Hom ook kwaad gemaak by die waters van M'rivah sodat dit met Mosheh sleg gegaan het as gevolg van hulle,
- 33 want hulle het gerebelleer teen sy gees sodat hy onverskillig gepraat het met sy lippe.
- 34 Hulle het nie die nasies vernietig wat יהוה hulle beveel het nie,
- 35 maar hulself was vermeng met die ander nasies en het hulle dade aangeleer
- 36 en hulle afgode gedien, wat 'n strik vir hulle was.
- 37 Ja, hulle het hulle seuns en hul dogters aan demone geoffer
- 38 en onskuldige bloed vergiet, die bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die afgode van Kena'an geoffer het en die land was besoedel deur bloed.
- 39 So is hulle onrein gemaak deur hul eie dade en het gaan hoereer met hul eie uitvindels;
- 40 daarom het die woede van יהוה ontvlam teen Sy volk; soveel so dat Hy Sy eie erfenis verafsku het
- 41 en Hy het hulle in die hand van die ander nasies gegee en dié wat hulle gehaat het, het oor hulle geheers.
- 42 Ook het hulle vyande hulle onderdruk en hulle moes buig onder hul hand.
- 43 Baie keer moes Hy hulle red, maar hulle het Hom bitter gemaak deur hulle planne en hulle is verneder deur hulle boosheid.
- 44 Nogtans het Hy hulle benoudheid raakgesien en hulle gebed gehoor
- 45 en Hy het Sy verbond onthou en hulle jammer gekry en hulle gelei volgens die oorfloed van Sy goedheid.
- 46 Hy het hulle ook laat jammer kry deur almal wat hulle as gevangenes weggevoer het. ^{2 Kon 25:27-30}
- 47 Verlos ons, יהוה, ons God en versamel ons vanuit die nasies sodat ons U afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) kan loof en prys met uitgestrekte hande en U lofprysing hardop kan uitroep!
- 48 Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, ^{Luk 1:68} vanaf ewigheid tot ewigheid en laat al die mense sê: "Dit is waar. Loof en eer Yah alleen!"

107 ¹ Loof en prys יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig!

- 2 Laat die vrygekooptes van יהוה so sê, wat Hy losgekoop het uit die hand van die onderdrukker
- 3 en versamel het vanuit die lande, uit die ooste en die weste, uit die noorde en uit die eilande in die see.

- 4 Hulle was verdwaald in die wildernis, in 'n plek sonder water; hulle kon nie die regte pad na 'n bewoonde stad vind nie.
- 5 Honger en dors het hulle lewe inmekaar laat krimp.
- 6 Toe het hulle na יְהוָה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid bevry
- 7 en hulle gelei op die regte pad om na bewoonde dorpe te gaan.
- 8 Laat die regverdiges van יְהוָה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is op die seuns van die mens,
- 9 want Hy bevredig die lewe wat verlang en vul die honger lewe met goedheid.
- 10 Omdat dié wat sit in duisternis en die skaduwee van die dood, vasgebind in depressie en ysters,
- 11 gemurmureer het teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het;
- 12 daarom het Hy hulle binneste deur moeite verneder; hulle het swak geword en daar was niemand om te help nie.
- 13 Toe het hulle tot יְהוָה gebid in hul moeilikheid en Hy het hul uit hul benoudheid gered.
- 14 Hy het hulle uitgebring vanuit die duisternis en die skaduwee van die dood en hulle bande verbreek.
- 15 Laat die regverdiges van יְהוָה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is oor die seuns van die mens,
- 16 want Hy het die poorte van koper verbreek en die ysterwering afgesny.
- 17 Hy het hulle vanuit hulle lewenswyses van sonde gehelp; Hy het hulle verlig vanuit hulle onderdrukking.
- 18 Hulle lewe het 'n afsku aan alle soorte kos gehad en hulle het naby die poorte van die dood gekom.
- 19 Toe het hulle tot יְהוָה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid verlos.
- 20 Hy het Sy boodskap gestuur en hulle genees en hulle bevry van vernietiging. ^{Spr 4:20-22}
- 21 Laat die regverdiges van יְהוָה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is op die seuns van die mens.
- 22 Offer aan Hom die offers van lof en eer met uitgestrekte hande en verklaar Sy werke met uitroepe.
- 23 Hulle wat na die see afgaan in skepe, wat handel drywe op baie waters,
- 24 hulle sien die werke van יְהוָה en Sy wonders in die dieptes,
- 25 want Hy beveel en lig die stormwind op wat die golwe daarvan opswep.
- 26 Hulle hoop op tot in die lug en gaan weer af na die dieptes; hulle lewe is omgekrap in hulle.
- 27 Hulle swaai heen en weer soos 'n dronk man en is radeloos. ^{Ya'a 1:6; Efe 4:14}
- 28 Toe het hulle tot יְהוָה uitgeroep in hul moeilikheid en Hy het hulle uit hul benoudheid verlos.
- 29 Hy maak van die storm 'n stilte sodat sy golwe stil is. ^{Mar 4:39}
- 30 Toe was hulle bly omdat hulle rustig is en Hy bring hulle na hul hawe van begeerte.

- 31 Laat die regverdiges van יהוה Hom loof en prys met uitgestrekte hande, want Sy goedheid is oor die seuns van die mens.
- 32 Laat hulle Hom verhoog in die vergadering van die volk en Hom helder en duidelik loof in die sitting van die oudstes.
- 33 Hy verander riviere in 'n wildernis en waterfonteine in droë grond,
- 34 'n vrugbare land in onvrugbaarheid, oor die boosheid van hulle wat daarin bly.
- 35 Hy verander die wildernis in poele van water en droë grond in waterfonteine
- 36 en daar laat Hy die hongeres bly sodat hulle dorpe kan bou en vestig
- 37 en die lande saai en wingerde plant en die vrugte daarvan eet.
- 38 Hy seën hulle ook dat hulle baie vermenigvuldig en hulle vee nie minder word nie.
- 39 Weer word hulle verminder en verneder deur onderdrukking, boosheid en smart.
- 40 Hy stort veragting uit oor heersers en laat hulle dwaal in die wildernis waar geen pad is nie.
- 41 Hy versterk die behoeftiges en vermenigvuldig hulle families soos kuddes.
- 42 Die regverdiges sal dit sien en hulle verheug en al die bose sal hulle monde toemaak.
- 43 Wie ook al wys is en hierdie dinge sien, hulle sal die liefdevolle goedheid van יהוה verstaan.

108 ¹ 'n Lied, 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- 2 My verstand, wil en emosie is gereed, o God. Ek sal sing en musiek maak, selfs vanuit my oorfloed. Ps 57:8-12
- 3 Ontwaak my harp en lier! Ek self sal vroeg opstaan.
- 4 Ek wil U loof en dank met uitgestrekte hande onder die volke, o יהוה en ek wil sing en musiek maak tot U, onder die nasies,
- 5 want U goedheid is groot tot by die hemele en U waarheid tot by die hemel van hemele.
- 6 Wees U opgelig, o God, bo die hemele en U grootheid bo die hele aarde
- 7 dat dié vir wie U lief is, bevry kan word! Red my met U regterhand en antwoord my!
- 8 God het gepraat in Sy Afgesonderdheid: "Ek sal spring van vreugde, Ek sal Sh'khem verdeel en die vallei van Sukkot afmeet.
- 9 Gil'ad is Myne, M'nasheh is Myne, Efrayim is die plek van beskerming vir My kop, Y'udah is My koning.
- 10 Mo'av is My waskom, Edom sal My skoene losmaak, oor P'leshet sal Ek uitroep van vreugde."
- 11 Wie sal my bring tot in die versterkte stad? Wie sal my lei tot in Edom?
- 12 Sal U nie, o God wat ons weggegooi het, sal U nie, o God, saam met ons menigtes uitgaan nie?
- 13 Gee vir ons krag teen ons vyande, want nutteloos is die hulp van die mens.
- 14 Deur God sal ons kragtig optree, want dit is Hy wat ons vyande sal vertrap.

- 109** 1 Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek. O God van my lofprysing, moenie stilbly nie,
 2 want die mond van die bose en die mond van die bedrieër is oop teen my.
 3 Hulle het teen my gepraat met 'n leuenagtige tong en 'n stem vol haat en hulle het sonder oorsaak teen my baklei.
 4 Vir my liefde verag hulle my, maar ek het vir hulle gebid
 5 en hulle het my goedheid met kwaad vergeld en my liefde met haat.
 6 Beveel U wraak teen hulle en laat die teëstander aan hulle regterhand staan.
 7 Wanneer hulle geoordeel word, laat hulle veroordeel word en laat hulle gebede sonde word.
 8 Laat hulle dae min wees en laat 'n ander hul ampte oorneem. ^{Hand 1:20}
 9 Laat hulle kinders vaderloos word en hulle vroue weduwees.
 10 Laat hulle kinders oral rondswerwe en bedel en laat hulle hul brood soek vanuit hul verlate plekke.
 11 Laat die skuldeisers alles vat wat hulle het en laat vreemdelinge hulle swak maak.
 12 Laat daar niemand wees wat goedheid na hulle toe uitsteek en ook niemand om hulle vaderlose kinders jammer te kry nie.
 13 Laat hulle einde vernietiging wees en laat hulle naam uitgevee word in die volgende geslag.
 14 Laat die oortredinge van hulle vaders onthou word en יהוה nie die sonde van hulle moeders uitwis nie.
 15 Laat dit altyddeur voor יהוה wees dat Hy hulle gedagtenis vanaf die aarde kan afsny
 16 omdat hulle nie onthou het om onverdiende guns te bewys nie, maar die arme en behoeftige vervolg het en hom wie se binneste tot die dood toe vol smart was.
 17 Soos wat hulle lief is om vloeke uit te spreek, laat dit so oor hulle kom ^{Spr 11:25} en soos hulle geen seën uitgespreek het nie, laat dit ver van hulle af wegbly.
 18 Hulle het hulself geklee met vloeke soos met wapenrusting, dit het hulle binnegedring soos water en soos olie in hulle gebeentes.
 19 Laat dit vir hulle wees soos 'n kleed wat hulle bedek en soos 'n gordel waarmee hulle gereeld omgebind word.
 20 Hierdie is die dade van die teëstanders van יהוה en van hulle wat boosheid praat teen my,
 21 maar U, יהוה, my Meester, doen goed aan my om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil omdat U liefdevolle omgee goed is, bevry U my,
 22 want ek is arm en behoeftig en my verstand, wil en emosie is gewond in my.
 23 Ek buig neer soos die skaduwee wanneer dit uitrek; ek word rondgegooi soos die sprinkaan.
 24 My knieë is swak deur te vas en my vlees teer weg.
 25 Ek het vir hulle veragtelik geword; wanneer hulle na my kyk, skud hulle hul kop.
 26 Help my, יהוה my God! Verlos my volgens U goedheid
 27 sodat hulle kan weet dat hierdie U hand is en dat U, יהוה, dit gedoen het.
 28 Laat hulle vervloek wees, maar U sal geseënd wees en laat U dienskneg hom verheug.

- 29 Laat hulle wat 'n wrok teen my het, beklee word met skaamte en laat hulle hulself daarmee bedek soos met 'n mantel.
- 30 Ek sal יהוה met my mond oorvloedig loof en prys met uitgestrekte hande, ja, ek sal Hom helder en duidelik loof,
- 31 want Hy het aan die regterhand van die arme gestaan om sy lewe te red van oordeel.

110 ¹ 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- יהוה het met my Meester gepraat: "Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande U voetstoel maak." ^{Mat 22:43,44; Mar 12:36; 14:62; Luk 20:42,43; 22:69; Hand 2:34,35; Rom 16:20}
- 2 יהוה sal die Septer van Sy krag vanuit Tziyon stuur ^{Heb 1:8} en Hy sal heers oor U vyande.
- 3 U volk sal spontaan gewillig wees op die dag van U mag; vanaf die baarmoeder het Ek U voortgebring in die skoonheid van U afgesonderdheid, as 'n Kind vanaf alle eeue.
- 4 יהוה het gesweer en sal nie lieg nie: "U is 'n nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek." ^{Z'kh 6:13; Heb 5:6; 6:20; 7:17,21,28}
- 5 Die Meester aan jou regterhand sal die konings oorwin op die dag van Sy woede.
- 6 Hy sal oordeel tussen die nasies, Hy sal die verslaandes tel, Hy sal die koppe van menigtes op die aarde afkap.
- 7 Hy sal drink uit die stroom op die pad; daarom sal Hy Sy kop hoog hou.

111 ¹ Loof Yah helder en duidelik! Ek wil יהוה loof en prys met uitgestrekte hande vanuit my hele verstand, wil en emosie, in die vergadering van die opregtes en in die byeenkoms.

- 2 Die dade van יהוה is groot; raakgesien deur almal wat 'n plesier daarin het.
- 3 Sy dade is majestueus en wonderlik en Sy onpartydige opregtheid duur voort vir ewig.
- 4 Hy het Sy wonderdade laat onthou; יהוה is vol onverdiende guns en omgee. ^{Ya'a 5:11}
- 5 Hy het kos gegee aan die wat Hom respekvol vrees; Hy sal altyd Sy verbond in gedagte hou.
- 6 Hy het die krag van Sy dade aan Sy volk gewys dat Hy aan hulle die erfenis van die ander nasies kan gee.
- 7 Die werke van Sy hande is waarheid en regverdige oordeel en hulle duur voort vir ewig en ewig.
- 8 Al Sy opdragte is seker en word gedoen in waarheid en opregtheid.
- 9 Hy het verlossing na Sy volk gestuur; Sy verbond sal altyd onthou word; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) is afgesonderd en respekvol gevrees. ^{Luk 1:50}
- 10 Die respekvolle vrees van יהוה is die begin van wysheid; almal wat Sy opdragte uitvoer, het 'n goeie begrip. Sy lofprysing duur vir ewig. ^{Spr 1:7; 9:10; 10:27}

- 112** 1 Loof Yah helder en duidelik! Gelukkig is die man wat יהוה respekvol vrees, wat blymoedig gehoorsaam is aan Sy opdragte.
 2 Sy nageslag sal magtig wees op die aarde; hy sal geseënd wees in die geslag van die opregte.
 3 Oorvloed en rykdom sal in sy huis wees en sy onpartydige opregtheid duur vir ewig.
 4 Vir die opregtes skyn daar 'n lig in die duisternis. Hy het onverdiende guns en is vol omgee vir die regverdige.
 5 Gelukkig is die man wat omgee wys en eenheid bring; hy sal sy sake met oordeel bestuur.
 6 Hy sal sekerlik vir ewig nie beweeg word nie; die regverdige sal vir ewig onthou word.
 7 Hy sal nie vrees vir slegte tyding nie; sy verstand, wil en emosie is vasgestel, vertrouend op יהוה.
 8 Sy verstand, wil en emosie word versterk, hy sal nie vrees nie totdat hy op sy teëstanders neersien.
 9 Hy het vryelik uitgegee, hy het vir die armes gegee; sy onpartydige opregtheid duur vir ewig en ewig; ^{2 Kor 9:9} sy horing sal opgelig word in eer.
 10 Die bose sal dit sien en is omgekrap; hy sal sy tande kners en wegs melt; die begeerte van die bose sal vernietig word.

- 113** 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof helder en duidelik, o diensknegte van יהוה, loof die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik!
 2 Geseënd is die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, van nou af aan vir ewig!
 3 Vanaf die opkoms van die son tot by sy ondergang moet die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik geloof word!
 4 יהוה is hoog bo al die nasies en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid bo die hemele.
 5 Wie is soos יהוה, ons God, wat sit in die hoogte
 6 en tog die dinge wat in die dieptes is, in die hemel en op die aarde, raaksien?
 7 Hy lig die arme op uit die mishoop
 8 dat Hy hom kan vestig by die prinse van die volk.
 9 Hy laat die onvrugbare vrou huishou, 'n blymoedige moeder van kinders. Loof Yah helder en duidelik!

- 114** 1 Toe Yisra'el uit Mitzrayim uitgegaan het, die huis van Ya'akov vanuit 'n volk met 'n vreemde taal,
 2 was Y'hudah Sy afgesonderde en Yisra'el Sy heerskappy.
 3 Die see het dit gesien en gevlug; die Yarden is teruggedryf.
 4 Die berge het rondgespring soos ramme, die heuwels soos lammers van die trop.
 5 Wat pla jou, o see, dat jy vlug; o Yarden, dat jy teruggedryf word,
 6 julle berge, dat julle rondspring soos ramme en julle, heuwels, soos lammers van die trop?

- 7 Bewe, aarde, in die Teenwoordigheid van יְהוָה, in die Teenwoordigheid van die God van Ya'akov,
 8 wat die rots verander het in 'n poel van water, die harde klip in 'n waterfontein!

- 115** ¹ Nie aan ons nie, o יְהוָה, nie aan ons nie, maar gee eer en lof aan U Naam (Karakter en Outoriteit), om U goedheid en waarheid se ontwil
 2 sodat die ander nasies geen rede het om te sê: “Waar is hulle God nou?” nie.
 3 Ons God is egter in die hemele; Hy het gedoen wat Hom tevrede stel.
 4 Die afgode van die ander nasies is silwer en goud, die werk van mensehande.
 5 Hulle het monde, maar praat nie; hulle het oë, maar sien nie;
 6 hulle het ore, maar hoor nie; neuse, maar ruik nie;
 7 hulle het hande, maar hulle voel nie; voete, maar hulle loop nie; ook praat hulle nie deur hul kele nie. ^{1 Kor 12:2}
 8 Laat die wat hulle maak en elkeen wat op hulle vertrou, net soos hulle word.
 9 Die huis van Yisra'el, vertrou op יְהוָה; Hy is hulle Hulp en hulle Skild!
 10 Die huis van Aharon, vertrou op יְהוָה; Hy is hulle Hulp en hulle Skild!
 11 Julle wat יְהוָה respekvol vrees, vertrou op יְהוָה: Hy is julle Hulp en julle Skild.
 12 יְהוָה het aan ons gedink; Hy sal ons seën, Hy sal die huis van Yisra'el seën, Hy sal die huis van Aharon seën.
 13 Hy sal hulle seën wat יְהוָה respekvol vrees, beide klein en groot.
 14 יְהוָה sal julle meer en meer vermenigvuldig, julle en julle kinders.
 15 Julle is geseënd deur יְהוָה wat hemel en aarde gemaak het.
 16 Die hemele, selfs die hemele behoort aan יְהוָה, maar die aarde het Hy aan die seuns van die mens gegee.
 17 Nie die dooies, of enige een wat afgaan na die duisternis, loof יְהוָה helder en duidelik nie,
 18 maar óns sal voor יְהוָה buig, van nou af aan vir ewig. Loof Yah helder en duidelik!

- 116** ¹ Ek het יְהוָה lief, want Hy hoor die stem van my smeking.
 2 Hy sal Sy oor na my toe draai op die dag wat ek uitroep na Hom.
 3 Die spasmas van die dood het my omring en die pyne van Sh'ol het my gevind; ek het moeilikheid en smarte gevind.
 4 Toe het ek die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה aangeroep: “O, יְהוָה, red my lewe.”
 5 יְהוָה wys onverdiende guns en is regverdig, ons God gee om.
 6 יְהוָה bewaar die eenvoudiges; Hy het my nederig gemaak en my gered.
 7 Keer terug na jou rus, o my lewe, want יְהוָה het jou goed behandel,
 8 want Hy het my lewe gered uit die dood en my voete van val.
 9 Ek sal vir U aanvaarbaar wees, o יְהוָה, in die lande van die lewendes.
 10 Ek het vertrou; daarom het ek gepraat, ^{2 Kor 4:13} ek is uitermate nederig gemaak.
 11 Ék het in my dwaasheid gesê: “Alle mense is leuenaars.”
 12 Wat sal ek aan יְהוָה bied vir al Sy voordele aan my?

- 13 Ek sal die beker van verlossing vat en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aanroep.
 14 Ek sal nou my geloftes aan יהוה betaal in die teenwoordigheid van die hele volk.
 15 Die dood van Sy afgesonderdes is kosbaar in die oë van יהוה.
 16 O יהוה, sekerlik is ek U dienskneg; ek is U dienskneg en die seun van U diensmaagd; U het my bande losgemaak.
 17 Ek sal aan U die offer van danksegging bring en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aanroep.
 18 Ek sal nou my geloftes aan יהוה betaal in die teenwoordigheid van die hele volk,
 19 in die howe van die huis van יהוה, binne-in jou, o Yerushalayim! Loof Yah helder en duidelik!

117 ¹ Loof יהוה helder en duidelik, alle nasies! ^{Rom 15:11}

- Prys Hom hardop, al julle volke,
 2 want Sy liefdevolle goedheid is groot oor ons en die waarheid van יהוה duur vir ewig. Loof Yah helder en duidelik!

118 ¹ Steek uit die hande tot יהוה, want Hy is goed en Sy goedheid duur vir ewig!

- 2 Laat Yisra'el nou sê dat Sy goedheid vir ewig duur!
 3 Laat die huis van Aharon nou sê dat Sy goedheid vir ewig duur!
 4 Laat hulle wat יהוה respekvol vrees nou sê dat Sy goedheid vir ewig duur!
 5 Vanuit my benoudheid het ek uitgeroep tot יהוה; יהוה het my geantwoord en my bevry.
 6 יהוה is my Hulp, ek sal nie vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen? ^{Heb 13:6}
 7 יהוה is my Helper; daarom sal ek my begeertes sien oor hulle wat my haat.
 8 Dit is beter om op יהוה te vertrou as om vertrou in mense te plaas.
 9 Dit is beter om op יהוה te vertrou as om vertrou in prinse te plaas.
 10 Al die nasies het my omring, maar in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה sal ek hulle vernietig.
 11 Hulle het my omsingel, ja, hulle het my omsingel, maar in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה sal ek hulle vernietig.
 12 Hulle het my omsingel soos perdebye, hulle is geblus soos die vuur van dorings, want in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה sal ek hulle vernietig.
 13 Ek is aanhoudend afgedruk om my te laat val, maar יהוה het my gehelp.
 14 Yah is my Sterkte en Musiek en Hy het my Verlossing geword.
 15 'n Klank van uitroepe van blydschap en verlossing is in die tente van die regverdiges; die regterhand van יהוה doen kragtige dade.
 16 Die regterhand van יהוה het my opgelig; die regterhand van יהוה doen kragtige dade.
 17 Ek sal nie sterf nie, maar lewe en die dade van יהוה verkondig.
 18 יהוה het my hard gedissiplineer, ^{Heb 12:6-11} maar Hy het my nie aan die dood oorgegee nie.

- 19 Maak vir my die poorte van onpartydige opregtheid oop; ek sal daardeur ingaan en my hande uitsteek en יהוה loof.
- 20 Hierdie is die poort van יהוה waardeur die regverdiges sal ingaan.
- 21 Ek sal U loof met uitgestrekte hande, want U het my gehoor en my Verlossing geword.
- 22 Die Klip wat die bouers verwerp het, ^{Luk 20:17; Hand 4:11; Efe 2:20} het die Hoof Hoekklip geword.
- 23 יהוה het dit gedoen; dit is wonderbaarlik in ons oë. ^{Mat 21:42; Mar 12:10,11}
- 24 Hierdie is die dag wat יהוה gemaak het; ons sal in die rondte swaai van vreugde en bly wees in Hom.
- 25 Verlos my, o יהוה; o יהוה, bevry my!
- 26 Geseënd is hy wat kom in die Karakter en Outoriteit van יהוה! ^{Mat 23:39; Mar 11:9; Luk 13:35}
 Ons het julle geseën vanuit die huis van יהוה. ^{Mat 21:9; Yog 12:13}
- 27 יהוה, ons God, gee vir ons lig, bind U ons feesvieringe met bande soos 'n ononderbroke ketting vas, selfs aan die horings van die altaar.
- 28 U is my God en ek sal U loof met uitgestrekte hande; U is my God en ek sal U verhoog.
- 29 Loof יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy goedheid duur vir ewig!

119 ¹ Gelukkig is hulle met integriteit en waarheid in hul lewenswandel, wat leef in die wet van יהוה.

- 2 Gelukkig is hulle wat Sy getuienisse hou en Hom met hulle hele verstand, wil en emosie soek.
- 3 Hulle doen ook geen boosheid nie; hulle leef in Sy lewenswyse. ^{1 Yog 2:6}
- 4 U het hulle beveel om U instruksies getrou uit te voer.
- 5 Ag, as my lewenswyse maar gerig was om U instellings te hou,
- 6 dan sal ek nie beskaamd staan, as ek al U opdragte uitgevoer het nie.
- 7 Ek sal U loof met uitgestrekte hande in opregtheid van verstand, wil en emosie, wanneer ek U regverdige oordele geleer het.
- 8 Ek sal U instellings hou; o, verlaat my nie heeltemal nie.
- 9 Met wat sal die jongman sy lewenswyse onskuldig maak sodat hy U opdragte kan uitvoer? ^{Spr 20:11}
- 10 Ek het U gesoek met my hele verstand, wil en emosie; laat my nie afdwaal van U opdragte nie.
- 11 U woorde het ek beskerm in my verstand sodat ek nie teen U sal sondig nie.
- 12 Geseënd is U, o יהוה! Leer my U instellings!
- 13 Met my lippe het ek al U regverdige oordele oorvertel.
- 14 Ek was verheug in die lewenswyse van U getuienisse; meer as in alle rykdom.
- 15 Ek het U instruksies oordink en is bekend met U lewenswyses.
- 16 Ek het U wet oordink sodat ek nie U boodskappe sal vergeet nie. ^{Deut 17:18-20}
- 17 Antwoord U dienskneg sodat ek kan lewe en U boodskappe gehoorsaam.
- 18 Maak U my oë oop sodat ek wonderlike dinge vanuit U wet kan raaksien.
- 19 Ek is 'n besoeker by U; steek nie U opdragte vir my weg nie.

- 20 My lewe is stukkend van verlange na U regverdige oordele ten alle tye.
21 U het die ander nasies bestraf en vervloek is hulle wat van U opdragte afdwaal.
22 Verwyder veragting en disrespek van my af, want ek het U getuienisse gehou.
23 Die leiers het gesit en beplan teen my, maar ek het U instellings oordink.
24 Ek het ook U getuienisse en U goeie raad oordink.
25 My lewe klou aan die stof; wek my op volgens U boodskap.
26 Ek het my lewenswyses verklaar en U het my gehoor; leer my U instruksies!
27 Laat my die werking van U wette verstaan en so U wonderdade oordink.
28 My lewe smelt weg van depressie; versterk my volgens U boodskap.
29 Verwyder van my die gebruike van die bose en leer my U wet.
30 Ek het die pad van U waarheid gekies; U regverdige oordele het my verheug.
31 Ek het vasgehou aan U getuienisse, וְיִהְיֶה, maak my nie beskaamd nie!
32 Ek het geleef in die metodes van U opdragte, want U het my verstand, wil en emosie oopgemaak.
33 וְיִהְיֶה, leer my die werkinge van U opdragte en ek sal hulle tot die einde toe hou.
34 Gee vir my insig en ek sal U wet hou, ja, ek sal dit nakom met my hele verstand, wil en emosie.
35 Laat my loop op die pad van U opdragte, want daarin is ek bly.
36 Draai my verstand, wil en emosie na U getuienisse en nie na begeerlikhede nie.
37 Draai my oë weg dat hulle nie valsheid sal sien nie en wek my op in U lewenswyses.
38 Maak U boodskap vas aan U dienskneg, wat U respektvol vrees.
39 Draai my oneer weg, want U oordele is goed.
40 Let op, ek het my verheug in U instruksies, wek my op in U onpartydige opregtheid.
41 Laat U goedheid, U verlossing volgens U boodskap, ook na my toe kom, וְיִהְיֶה
42 sodat ek iets sal hê waarmee ek die een kan antwoord wat my beswadder, want ek vertrou in U boodskap. ^{Yes 51:7}
43 Laat die boodskap van waarheid nie van my mond weggaan nie, want ek het versekerde verwagting in U regverdige oordele.
44 So sal ek U wet voortdurend hou, vir ewig en ewig
45 en ek sal in vryheid lewe, want ek is verheug in U opdragte.
46 Ek sal ook van U getuienisse voor konings bring en nie beskaam word nie
47 en ek sal U opdragte, wat ek lief het, oordink.
48 Ek sal my hande oplik na U opdragte wat ek lief het en U instellings oordink.
49 Onthou die woord aan U dienskneg, waarop U my versekerde verwagting gegee het.
50 Daarin is ek vertroos in my depressie, want U boodskap het my opgewek.
51 Die arrogante het my baie onderdruk; tog het ek nie van U wet afgewyk nie.
52 Ek het U regverdige oordele van ouds onthou, וְיִהְיֶה en is vertroos.
53 Afgryse het my aangegryp vanweë die bose wat U wet verlaat.
54 U instellings is my lieder in die huis van my tydelike verblyf.
55 Ek het U Karakter en Outoriteit in die nag onthou, וְיִהְיֶה en het U wet gehou.
56 Ek is vertroos omdat ek U opdragte gehou het.

- 57 Ek het die dinge van יְהוָה oordink sodat ek U opdragte kan doen.
58 Ek het U guns met my hele verstand, wil en emosie afgesmeek; red my volgens U boodskap.
59 Ek het my lewenswyse oordink en my voete na U pad toe gedraai.
60 Ek het myself voorberei en nie uitgestel om U opdragte te doen nie.
61 Die strikke van die bose het my omring, maar ek het nie afgewyk van U wet nie.
62 Om middernag staan ek op om U te loof met uitgestrekte hande as gevolg van U regverdige oordele.
63 Ek is 'n vriend van almal wat U respekvol vrees en van hulle wat U instruksies bewaar.
64 יְהוָה, die aarde is vol van U goedheid; leer my U instellings.
65 U, יְהוָה, het goed gedoen aan U dienskneg, volgens U boodskap.
66 Leer my 'n goeie insig en kennis, want ek het U opdragte vertrou.
67 Selfs voordat ek onderdruk was, het ek afgedwaal, maar ek het U boodskap gehou.
68 U is goed en doen goed; leer my U instellings.
69 Die onregverdigheid van die trotses het vermeerder, maar ek bewaar U instruksies met my hele verstand, wil en emosie.
70 Hulle verstand, wil en emosie is dikvellig, maar ek verheug my in U wet.
71 Dit is goed vir my dat ek nederig gemaak is sodat ek U instellings kon leer.
72 Die wet van U mond is vir my beter as duisende dinge van goud en silwer.
73 U hande het my gemaak en my gevestig; gee vir my onderskeiding sodat ek U opdragte kan leer
74 sodat dié wat U respekvol vrees, mag sien en hul verheug, want ek het 'n versekerde verwagting in U boodskap.
75 O יְהוָה, ek weet dat U oordele onpartydig opreg is en dat U my in U getrouheid nederig gemaak het.
76 Laat U liefdevolle goedheid vir my tot troos wees volgens U boodskap aan U dienskneg.
77 Laat U liefdevolle omgee na my toe kom sodat ek kan lewe, want U wet is vir my geleer.
78 Laat die bose beskaamd staan, want hulle het my onregverdig verneder, maar ek het U instruksies oordink.
79 Laat hulle wat U respekvol vrees, na my toe draai, saam met hulle wat U getuienisse ken.
80 Laat my verstand, wil en emosie opreg wees in U instellings sodat ek nie beskaamd sal word nie.
81 My lewe het verlang na U verlossing en my versekerde verwagting is in U boodskap.
82 My oë wag op U boodskap, wanneer U my sal vertroos,
83 want ek het alle ontering gely, tog het ek nie U instellings vergeet nie.
84 Hoeveel is die dae van U dienskneg? Wanneer sal U regverdige oordeel uitoefen op hulle wat my vervolg?
85 Die bose het 'n put vir my gegrawe. Dit is nie volgens U wet nie.

- 86 Al U opdragte is vertrouenswaardig; tog vervolg die bose my!
- 87 Hulle het my amper vernietig op die aarde, maar ek het nie U instruksies verlaat nie.
- 88 Wek my op volgens U liefdevolle goedheid; so sal ek die getuienis van U mond hou.
- 89 U is vir ewig, ^{וְיָהוָה} U boodskap is gevestig in die hemele.
- 90 U getrouheid is vir alle geslagte; U het die aarde gevestig en dit bly staan.
- 91 Hulle hou vandag steeds aan volgens U oordele, want almal is U diensknegte.
- 92 As U wet nie my oordenking was nie, dan sou ek gesterf het in my depressie.
- 93 Ek sal U instruksies nooit vergeet nie, want hulle is my lewe.
- 94 Ek behoort aan U, red my, want ek het U instruksies gehou.
- 95 Die bose het op my gewag, om my te vernietig, maar ek verstaan U getuienisse.
- 96 Ek het die einde van alle volmaaktheid gesien, maar U opdrag is baie wyd.
- 97 Hoe lief het ek U wet, dit is die hele dag lank my oordenking.
- 98 Maak my wyser as my vyande, want ek het U opdragte gehoorsaam.
- 99 Gee my meer begrip as al my leermeesters, want U getuienisse is my oordenking.
- 100 Ek verstaan meer as die oudstes, want ek hou U instruksies.
- 101 Ek het my voete weerhou van elke bose pad sodat ek U opdragte mag doen.
- 102 Ek het nie van U oordele afgewyk nie, want U het my geleer.
- 103 Hoe soet is U boodskappe om te proe, soeter as heuning in my mond. ^{Yeg 3:3}
- 104 Deur U instruksies kry ek verstand; ^{Spr 2:6} daarom haat ek die lewenswyse van die bose.
- 105 U boodskap is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad. ^{2 Sh'm 22:29; Spr 6:23}
- 106 Ek het gesweer en ek sal dit doen, om U regverdige oordele te hou.
- 107 Ek is baie verdruk; wek my op, ^{וְיָהוָה}, volgens U boodskap!
- 108 Wees bly oor die woorde van my mond, ^{וְיָהוָה} en leer my U uitsprake.
- 109 My lewe is voortdurend in U hande; ek vergeet nie U wet nie. ^{Spr 4:13}
- 110 Sondaars het 'n strik vir my gespan; tog het ek nie afgewyk van U opdragte nie.
- 111 Ek het U getuienisse vir ewig as 'n erfenis geneem, want hulle is die vreugde van my verstand, wil en emosie.
- 112 Ek het my verstand, wil en emosie daarop gerig om U instellings waarlik te doen, selfs tot die einde toe.
- 113 Ek haat die bose, maar U wet het ek lief. ^{Spr 4:14-27}
- 114 U is my Skuilplek en my Skild; my versekerde verwagting is in U boodskap.
- 115 Gaan weg van my julle boosdoeners sodat ek die opdragte van my God kan uitvoer!
- 116 Versterk my volgens U boodskap en ek sal lewe en laat my nie beskaamd wees as gevolg van my versekerde verwagting nie.
- 117 Help my en ek sal veilig wees en ek sal voortdurend let op U instellings.
- 118 U het almal verwerp wat van U instellings afdwaal, want hulle gedagtes is bedrieëry.
- 119 Onderhou U my en ek sal veilig wees en altyd U opdragte oordink.
- 120 My vlees krimp ineen uit vrees vir U en ek is bang vir U oordele.

- 121 U wat regverdige oordeel en regverdigheid toepas, los my nie in die hand van my onderdrukkers nie.
- 122 Vertrou U dienskneg met goedheid; laat die arrogante nie sleg praat van my nie.
- 123 My oë verlang na U verlossing en na die boodskap van U onpartydige opregtheid.
- 124 Handel met U dienskneg volgens U goedheid en leer my U instellings.
- 125 Ek is U dienskneg, gee my U begrip sodat ek U getuienisse kan ken.
- 126 Dit is tyd om יְהוָה te dien, want hulle het U wet tot niks gemaak;
- 127 daarom het ek U opdragte meer lief as goud, ja, meer as kosbare stene;
- 128 daarom het ek al U instruksies lief en ek haat al die metodes van die bose.
- 129 U getuienisse is wonderlik; daarom onderhou my lewe hulle.
- 130 Maak U boodskap eenvoudig, gee lig en gee begrip aan die eenvoudiges.
- 131 Ek het my mond oopgemaak en gehyg, want ek het verlang na U opdragte.
- 132 Kyk af op my met onverdiende guns, want ek het U Naam (Karakter en Outoriteit) lief.
- 133 Rig my voetstappe op U pad, laat die bose nie oor my heers nie. ^{Spr 4:25-27}
- 134 Bevry my van die onderdrukking van mense sodat ek U instruksies kan hou.
- 135 Laat U gesig skyn oor U dienskneg en leer my U instellings.
- 136 Riviere van water hardloop by my oë af, want mense onderhou nie U wet nie.
- 137 U is regverdig, יְהוָה, en U oordele is reguit.
- 138 U het U getuienisse in onpartydige opregtheid en betroubaarheid beveel.
- 139 Ywer het my verteer omdat U vyande U boodskap vergeet het.
- 140 U boodskap is baie suiwer; daarom het U dienskneg dit lief.
- 141 Ek is klein en word verag, tog vergeet ek nie U instruksies nie.
- 142 U onpartydige opregtheid is vir ewig en U wet is waarheid.
- 143 Moeilikheid en angs het my beetgepak, tog het ek U opdragte oordink.
- 144 Die onpartydige opregtheid van U getuienisse is vir ewig; gee vir my begrip en ek sal lewe.
- 145 Ek het uitgeroep met my hele verstand, wil en emosie; hoor my, יְהוָה! Ek sal U instellings bewaar.
- 146 Ek het uitgeroep na U; red my en ek sal U getuienisse onderhou.
- 147 Ek het opgestaan by die breek van die oggend en uitgeroep; ek het 'n versekerde verwagting in U boodskap.
- 148 My oë is oop voor die nagwake sodat ek U boodskap kan oordink.
- 149 Hoor my stem volgens U liefdevolle goedheid; יְהוָה, wek my op volgens U oordele.
- 150 Hulle kom nader wat bose planne najaag, hulle is ver van U wet af.
- 151 U, יְהוָה, is naby en al U opdragte is waarheid.
- 152 Aangaande U getuienisse: ek het van ouds af geweet dat U hulle vir ewig gevestig het.
- 153 Oorweeg my verdrukking en bevry my, want ek vergeet nie U wet nie.
- 154 Oordeel my saak en bevry my; wek my op volgens U boodskap.
- 155 Verlossing is ver van die bose, want hulle soek nie U instellings nie.
- 156 Groot is U liefdevolle omgee, יְהוָה, wek my op volgens U oordele.

- 157 My vervolgers en my vyande is baie, nogtans wyk ek nie af van U getuienisse nie.
- 158 Ek het die oortreders gesien en ek het geweet dat hulle nie U boodskap hou nie.
- 159 Oorweeg hoe ek U instruksies lief het; wek my op, o יהוה, volgens U liefdevolle goedheid.
- 160 Die fondasie van U boodskap is waarheid en elkeen van U regverdige oordele duur vir ewig.
- 161 Prinse het my sonder rede vervolg, maar my verstand, wil en emosie staan in ontsag vir U boodskap.
- 162 Ek verheug my oor U boodskap, soos iemand wat baie buit vind.
- 163 Ek haat en verafsku onwaarheid, maar U wet het ek lief.
- 164 Sewe keer per dag loof ek U helder en duidelik as gevolg van U regverdige oordele.
- 165 Hulle wat U wet lief het, het groot vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en hulle sal geen swakheid hê nie.
- 166 O יהוה, ek het 'n versekerde verwagting vir U verlossing en het U opdragte uitgevoer.
- 167 My lewe het U getuienisse gehou en ek het hulle uitermate lief.
- 168 Ek het U opdragte en U getuienisse gehou, want al my doen en late is voor U.
- 169 Laat my uitroep voor U kom, o יהוה, red my volgens U boodskap.
- 170 Laat my smeking voor U Teenwoordigheid kom; bevry my volgens U boodskap.
- 171 My lippe sal U lofprysing uiter, wanneer U my U instellings geleer het.
- 172 My tong sal praat van U boodskap, want al U opdragte is onpartydig opreg.
- 173 Laat U hand my help, want ek het my verheug in U instruksies.
- 174 Ek het verlang na U verlossing, o יהוה en ek oordink U wet.
- 175 Laat my lewe en ek sal U helder en duidelik loof en laat U regverdige oordele my help.
- 176 Ek het verdwaal soos 'n verlore skaap; soek na U dienskneg, want ek vergeet nie U opdragte nie.

120 ¹ 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- In my benoudheid het ek uitgeroep na יהוה en Hy het my gehoor.
- 2 Bevry my lewe, o יהוה, van valse lippe en tonge wat mislei!
- 3 Wat sal Hy vir jou gee of wat sal vir jou bygevoeg word, o tong wat mislei?
- 4 Die pyle van die magtige manne is skerp, hulle is soos warm kole van eike.
- 5 Wee my dat my vreemdelingskap verleng word in Meshekh en dat ek in die tente van Kedar bly!
- 6 My lewe het lank gebly by hulle wat die vrede haat.
- 7 Ek is vir vrede, maar as ek praat, baklei hulle met my.

121 ¹ 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- Ek lig my oë op na die berge, van waar sal my hulp kom?
- 2 My hulp is van יהוה wat hemel en aarde gemaak het.

- 3 Hy sal jou voet nie laat struikel nie; jou Bewaarder sal nie sluimer nie.
 4 Let op, die Bewaarder van Yisra'el sal nie sluimer of slaap nie.
 5 יהוה is jou Bewaarder; יהוה sal jou beskerm met Sy regterhand.
 6 Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie in die nag nie.
 7 יהוה sal jou bewaar van alle boosheid, Hy sal jou lewe bewaar.
 8 יהוה sal jou uitgaan en jou ingaan bewaar, van nou af aan vir ewig.

122 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.

- Ek was verheug toe hulle vir my gesê het: "Laat ons na die huis van יהוה gaan!"
 2 My voete sal in jou poorte staan, o Yerushalayim!
 3 Yerushalayim is gebou soos 'n stad wat omring is deur 'n muur,
 4 waarheen die stamme opgaan, die stamme van יהוה, tot getuienis van Yisra'el, om
 met uitgestrekte hande die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה te loof,
 5 want daar is trone van oordeel opgestel, die trone van die huis van Dawid.
 6 Bid vir die vrede van Yerushalayim; hulle wat jou lief het, sal voorspoedig wees!
 7 Mag vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid binne jou mure
 wees en veiligheid binne jou paleise!
 8 Ter wille van my broers en my vriende sal ek nou sê: "Vrede, vreugde, gesondheid,
 voorspoed en vergenoegdheid in jou!"
 9 Ter wille van die huis van יהוה, ons God, sal ek seek wat goed is vir jou.

123 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- Ek lig my oë op na U wat in die hemel woon.
 2 Let op, soos die oë van die diensknegte na hulle meesters gerig is en soos die oë van
 die diensmaagd na haar meesteres gerig is, so is ook ons oë op יהוה, ons God, gerig
 totdat Hy onverdiende guns aan ons bewys.
 3 U onverdiende guns; o יהוה, bewys aan ons U onverdiende guns, want ons het baie
 veragting aangehoor.
 4 Ons lewe het genoeg gehad van die spot van die selftevredenes en genoeg van die
 veragting van die trotsaards!

124 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.

- As dit nie יהוה was wat aan ons sy gestaan het nie, laat Yisra'el nou so sê:
 2 As dit nie יהוה was wat aan ons sy gestaan het toe manne teen ons opgestaan het
 nie,
 3 dan sou hulle ons lewendig verslind het toe hulle woede teen ons ontvlam het;
 4 dan sou hulle ons in die waters verdrink het; die stroom sou oor ons gegaan het;
 5 dan sou die groot waters oor ons gegaan het.
 6 Geseënd is יהוה wat ons nie as prooi aan hulle tande oorgegee het nie!
 7 Ons lewens het ontsnap soos 'n voël uit die strik van die voëlvangers; die strik is
 gebreek en ons is bevry.
 8 Ons hulp is in die Karakter en Outoriteit van יהוה wat hemel en aarde gemaak het.

125 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

Hulle wat op die berg van Tziyon op יהודה vertrou, sal nie beweeg word nie, maar sal vir ewig daar bly. ^{Yeg 43:12}

2 Soos die berge rondom Yerushalayim is, so is יהודה rondom Sy volk van nou af en vir ewig. ^{Yeg 43:7}

3 want die lat van die bose sal nie rus op die toegestaande gedeelte van die regverdiges nie; net so sal die regverdiges nie hulle hande uitsteek na boosheid nie.

4 Doen goed, o יהודה, aan die wat goed en opreg in hulle verstand, wil en emosie is.

5 יהודה sal dié wat wegdraai na hulle verdraaide paaie verstrooi saam met die werkers van sinnelose boosheid, maar vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal oor Yisra'el wees!

126 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

Toe יהודה die mense van Tziyon teruggebring het uit gevangenskap, was ons soos hulle wat hul verheug.

2 Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met harde sang; toe het hulle onder die ander nasies gesê: “יהודה het groot dinge vir hulle gedoen.”

3 יהודה het groot dinge vir ons gedoen; daarom is ons verheug!

4 O יהודה, verander weer ons gevangenskap, soos die strome in die Suidland.

5 Hulle wat in tranes saai, sal in vreugde maai.

6 Hy wat uitgaan en huil en kosbare saad dra, sal ongetwyfeld weer kom met vreugde en sy gerwe saam met hom bring.

127 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste; van Shlomo.

As יהודה die huis nie bou nie, werk die wat daaraan bou tevergeefs; ^{Heb 3:4} as יהודה die stad nie bewaar nie, bly die wagter tevergeefs wakker.

2 Dit is doelloos vir hulle wat vroeg opstaan, wat laat opbly; hulle eet brood van smarte, want Hy gee aan die een wat Hy lief het dieselfde in sy slaap!

3 Let op, seuns is 'n erfenis vanaf יהודה en die vrug van die baarmoeder is 'n beloning.

4 Soos pyle in die hand van 'n magtige man, so is seuns van die jeug.

5 Geseënd is die man wat sy pylkoker vol het daarvan! Hy sal nie beskaamd staan nie, maar met vyande in die poort praat.

128 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

Geseënd is elkeen wat יהודה respekvol vrees, wat in Sy lewenswyse leef,

2 want jy sal die opbrengs van jou hande eet. Jy sal gelukkig wees en dit sal met jou goed gaan!

3 Jou vrou sal wees soos 'n vrugbare wingerdstok in jou huis; jou seuns soos olyfboompies rondom jou tafel.

4 Let op, so sal die man wat יהודה respekvol vrees, geseën word.

- 5 יהוה sal jou seën vanuit Tziyon en jy sal die goeie van Yerushalayim sien, al die dae van jou lewe!
- 6 Ja, jy sal jou kinders se kinders en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid oor Yisra'el sien!

129 ¹ 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- Hulle het my onderdruk van my jeug af; laat Yisra'el dit sê:
- 2 “Baie keer het hulle my onderdruk van my jeug af, tog het hulle nie staande gebly teen my nie.
- 3 Hulle het op my rug geploeg, hulle vore lank gemaak.
- 4 יהוה is regverdig, Hy sal die bande van die bese afkap.
- 5 Laat hulle wat Tziyon haat, beskaamd staan en terugdraai.
- 6 Laat hulle wees soos gras op die dakke wat uittrek en verdroog as die wind dit tref, 7 waarmee die maaier nie sy hand vul nie en die gerwebinder nie sy arm nie.”
- 8 Ook sê die wat verbygaan nie: “Die seën van יהוה oor julle! Ons seën julle in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה,” nie.

130 ¹ 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- Vanuit die dieptes het ek U aangeroep, o יהוה, en U het my stem gehoor.
- 2 יהוה, laat U ore aandag gee aan die stem van my smekinge.
- 3 As U, o Yah, permissiwiteit sou opskryf, o יהוה, wie sal staande bly?
- 4 Omdat vergifnis van U af kom, kan U respekvol gevrees word.
- 5 Ek vertrou in יהוה; my lewe wag vir Sy boodskap.
- 6 Ek het gewag op יהוה vanaf die oggendwag tot die aandwag toe.
- 7 Laat Yisra'el met versekerde verwagting wag op יהוה; vanaf יהוה kom goedheid en oorvloedige bevryding.
- 8 Hy sal Yisra'el loskoop uit al sy boosheid.

131 ¹ 'n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.

- O יהוה, my verstand, wil en emosie is nie hoogmoedig en my oë nie verhewe nie; ek tree nie op in groot sake of in dinge te hoog vir my nie.
- 2 Sekerlik het ek myself verneder en stil gemaak, soos 'n kind wat van sy ma gespeen word; my lewe is ook soos 'n gespeende kind.
- 3 Laat Yisra'el 'n versekerde verwagting hê in יהוה, van nou af en vir ewig!

132 ¹ 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- O יהוה, onthou vir Dawid en al sy benoudhede;
- 2 hoe hy aan יהוה gesweer het en 'n gelofte gedoen het aan die Magtige God van Ya'akov:
- 3 “Sekerlik sal ek nie ingaan in die tent van my huis of op my bed klim nie;
- 4 ook sal ek nie slaap vir my oë of sluimering vir my ooglede gee nie
- 5 totdat ek 'n plek gevind het vir יהוה, 'n huis vir die Magtige God van Ya'akov!”

- 6 Let op, ons het daarvan gehoor in Efratah; ons het dit in die velde gevind.
 7 Ons sal in Sy tent ingaan, ons sal neerval voor Sy voetstoel.
 8 Staen op, o יהוה, gaan in in die plek van U rus, U en die ark van U krag!
 9 Laat U priesters aangetrek wees in onpartydige opregtheid ^{Open 19:8} en U afgesonderdes uitroep van vreugde.
 10 Draai nie die gesig van U gesalfde weg nie, ter wille van U dienskneg, Dawid.
 11 יהוה het in waarheid tot Dawid gesweer (Hy sal daarvan nie wegdraai nie): “Van die vrug van jou liggaam sal Ek jou troon opstel. ^{Hand 2:30}
 12 As jou seuns My verbond sal hou en My getuienisse wat hulle sal leer, dan sal hulle seuns ook vir ewig op jou troon sit,
 13 want יהוה was verheug met Tziyon, Hy het dit gekies as Sy blyplek.
 14 Dit is My rus vir ewig; hier sal Ek bly, want Ek het dit begeer.
 15 Ek sal haar jagters oorvloediglik seën; Ek sal haar behoeftiges versadig met brood.
 16 Ek sal ook haar priesters aantrek met verlossing en haar afgesonderdes sal uitroep van vreugde.
 17 Daar sal Ek die horing van Dawid laat blink en 'n lig aansteek vir sy gesalfde.
 18 Ek sal sy vyande met skaamte aantrek, maar My afgesonderdheid sal hom oordek.”

133 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste; van Dawid.

- Let op, hoe goed en hoe aangenaam is dit vir broers om saam te wees in eenheid!
 2 Dit is soos die kosbare olie op die kop en op die baard, die baard van Aharon, wat afloop op die kraag van sy kleed,
 3 soos die dou van Hermon wat val op die berg van Tziyon, want daar het יהוה die seën beveel, die lewe vir ewig!

134 1 'n Lied vir die opgaan na die feeste.

- Let op, seën יהוה, o al julle diensknegte van יהוה wat snags in die huis van יהוה staan!
 2 Lig julle hande op in die afgesonderde plek en seën יהוה!
 3 יהוה seën jou vanuit Tziyon, Hy wat hemel en aarde gemaak het!

135 1 Loof Yah helder en duidelik! Prys die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik! Vier fees, o diensknegte van יהוה,

- 2 wat staan in die huis van יהוה, in die kamers van die huis van ons God!
 3 Loof יהוה helder en duidelik, want יהוה is goed; sing en maak musiek tot Sy Naam (Karakter en Outoriteit), want dit is aangenaam,
 4 want יהוה het Ya'akov vir Homself gekies, Yisra'el as Sy rykdom. ^{Deut 14:2; Tit 2:14}
 5 Ek weet dat יהוה groot is en dat ons Meester bo alle gode is.
 6 Wat ook al יהוה tevrede stel, dit doen Hy in die hemel en op die aarde, in die seën en in al die dieptes.

- 7 Hy laat die wolke opgaan vanaf die eindes van die aarde, Hy maak weerligstrale vir die reën, Hy bring die wind uit Sy skatkamers.
- 8 Hy tref die eersgeborenes van Mitzrayim, beide mens en dier;
- 9 Hy wat Sy tekens en wonders binne-in jou gestuur het, o Mitzrayim, teen Farao en teen al sy diensknegte;
- 10 wat baie nasies verslaan het en magtige konings gedood het:
- 11 Sigon, koning van die Emoriete en 'Og, die koning van Bashan en al die koninkryke van Kena'an
- 12 en hulle land as 'n erfenis gegee het, 'n erfenis aan Yisra'el, Sy volk.
- 13 U Naam (Karakter en Outoriteit), o יהוה, duur voort vir ewig en U herinnering, יהוה, deur alle geslagte,
- 14 want יהוה sal Sy volk oordeel en Hom verbly in Sy diensknegte.
- 15 Die afgode van die ander nasies is silwer en goud, die werk van mensehande.
- 16 Hulle het monde, maar hulle praat nie; hulle het oë, maar hulle sien nie;
- 17 hulle het ore, maar hulle hoor nie; daar is ook geen asem in hulle monde nie.
- 18 Laat dié wat hulle maak en elkeen wat in hulle vertrou, net soos hulle word. ^{Ps 115:4}
- 19 Seën יהוה, o huis van Yisra'el! Seën יהוה, o huis van Aharon!
- 20 Seën יהוה, o huis van Levi! Julle wat יהוה respektvol vrees, seën יהוה!
- 21 Geseënd is יהוה vanuit Tziyon, Hy wat in Yerushalayim bly! Loof Yah helder en duidelik!

136 1 Loof יהוה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.

- 2 Loof die God van die gode met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
- 3 Loof die Meester van meesters met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 4 Hom wat alleen groot wonders doen, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 5 Hom wat die hemele met Godskennis gemaak het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 6 Hom wat die aarde bo die waters uitgestrek het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 7 Hom wat die groot ligte gemaak het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 8 die son om te heers oor die dag, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 9 die maan en sterre om te heers oor die nag, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 10 Hy wat die eersgeborenes van die Mitzrayimiete getref het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 11 Yisra'el tussen hulle uit gebring het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 12 met 'n sterk hand en met 'n uitgestrekte arm, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 13 Hy wat die Sufsee in dele verdeel het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
- 14 en Yisra'el deur dit laat gaan het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig,

- 15 maar Farao en sy leër in die Sufsee oorwin het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
- 16 Aan Hom wat Sy volk deur die wildernis gelei het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 17 aan Hom wat groot konings verslaan het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
- 18 en magtige konings verslaan het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig:
- 19 Sigon, die koning van die Emoriete, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig,
- 20 'Og, die koning van Bashan, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
- 21 en hulle land as 'n erfenis gegee het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 22 as 'n erfenis aan Yisra'el, Sy dienskneg, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 23 wat ons in ons vernedering onthou het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig
- 24 en ons van ons vyande gered het, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig;
- 25 wat kos gee vir alle vlees, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.
- 26 O, loof die God wat in die hemele is met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.

137 ¹ By die riviere van Bavel, daar het ons gesit; ja, ons het gehuil toe ons Tziyon onthou.

- 2 Ons het ons harpe aan die wilgerbome in Bavel opgehang,
- 3 want daar het hulle wat ons as gevangenes weggevoer het, van ons 'n lied gevra en ons veroweraars het vir ons gesê: "Sing vir ons een van die liedere van Tziyon."
- 4 Hoe kan ons die lied van יהודה in 'n vreemde land sing?
- 5 As ek jou vergeet, o Yerushalayim, laat my regterhand my vergeet!
- 6 As ek jou nie onthou nie, laat my tong aan my verhemelte vaskleef, as ek Yerushalayim nie verkies bo my grootste blydschap nie.
- 7 יהודה, onthou die seuns van Edom op die dag van Yerushalayim, hulle wat gesê het: "Vernietig dit, vernietig dit, selfs tot op die fondasies daarvan!" ^{Yeg 35:1-15}
- 8 O dogter van Bavel, wat buit neem, geseënd sal hy wees wat jou sal vergeld soos wat jy ons behandel het!
- 9 Geseënd sal hy wees wat jou kinders gryp en vernietig teen die rots!

138 ¹ 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- Ek sal U met uitgestrekte hande loof met my hele verstand, wil en emosie; ek sal voor die konings sing en musiek maak tot U.
- 2 Ek sal op my gesig neerval in U afgesonderde tempel en U Naam (Karakter en Outoriteit) met uitgestrekte hande loof vir U liefdevolle goedheid en vir U waarheid, want U het U volle boodskap bo U Naam (Karakter en Outoriteit) opgelig.
- 3 Op die dag dat ek uitgeroep het na U, het U my geantwoord en die krag van my lewe verhoog.

- 4 Al die konings van die aarde sal U loof met uitgestrekte hande, o יהוה, want hulle het die woorde van U mond gehoor en daarna geluister;
- 5 ja, hulle sal die lewenswyses van יהוה besing, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה is groot.
- 6 Alhoewel יהוה verhewe is, sien Hy nogtans die wat laag neergebuig is, maar die trotse ken Hy van ver.
- 7 Alhoewel ek te midde van moeilikheid loop, sal U my red; U sal U hand uitsteek teen die woede van my vyande en U regterhand sal my verlos.
- 8 O יהוה, voltooi dit vir my! U goedheid, o יהוה, duur vir ewig; moenie die werke van U eie hande laat staan nie!

139 ¹ Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה, U het my deursoek en U ken my.

- 2 U ken my sit en my opstaan; U verstaan my gedagtes van bo af.
- 3 U ken my lewenswyse en my pad en is bekend met al my dade,
- 4 want as daar misleiding op my tong is, let op, o יהוה, U ken dit volledig.
- 5 U ken my van begin tot einde, want U het my gevorm en U hand op my gelê.
- 6 Sulke kennis is te wonderlik vir my, dit is hoog, ek kan nie daar bykom nie.
- 7 Waar sou ek heengaan van U Gees af, of waarheen sal ek vlug van U Teenwoordigheid af?
- 8 Klim ek op, die hemel in, U is daar; gaan ek af na Sh'ol, let op, U is ook daar!
- 9 As ek my vlerke oplig soos die van 'n arend en bly in die verste dele van die see,
- 10 selfs ook daar sal U hand my lei en U regterhand my vashou ^{Yeg 48:35}
- 11 wanneer ek sê: "Die duisternis sal sekerlik soos lig oor my wees; selfs die nag sal lig wees voor my gesig."
- 12 Duisternis sal nie vir U donker wees nie, maar die nag skyn soos die dag; duisternis en lig is dieselfde vir U,
- 13 want U het my binneste gevorm, ^{Iyov 10:11} U het my aanvaar vanaf my moeder se baarmoeder.
- 14 Ek sal U loof met uitgestrekte hande, as gevolg van die wonders wat U gedoen het; wonderbaar is U werke en my lewe weet dit alte goed.
- 15 My wese, toe ek in die geheim gemaak is, lieflik geweef in die baarmoeder van die aarde, is nie vir U verborge nie. ^{Iyov 10:8; Pred 11:5}
- 16 U oë het my wese gesien, tog nog onvolmaak en al hierdie dinge in U boek geskryf, selfs voordat die dag bestaan het en die mens tot bestaan gebring is. ^{Yir 1:5; Open 20:12}
- 17 Hoe kosbaar is U gedagtes vir my, o God! Hoe geweldig is die som daarvan!
- 18 As ek die beste van hulle sou tel, is hulle meer in getal as die korrels sand; wanneer ek wakker word, is ek steeds by U.
- 19 Sekerlik sal U, o God, die bose neerslaan. Gaan dus weg van my, julle manne van bloedvergieting,
- 20 want hulle praat boos teen U en U vyande staan op in boosheid!
- 21 Ek haat hulle wat U haat, o יהוה en verafsku hulle wat teen U opstaan.
- 22 Ek haat hulle met 'n volmaakte haat; ek sien hulle as my vyande!

23 Deursoek my, o God en ken my verstand, wil en emosie; toets my en ken my lewenswyses ^{Yir 17:10}

24 en kyk of daar enige bouse manier in my is en lei my op die ewige pad! ^{1Yog 1:7-9}

140 ¹ Vir die musiekleier: 'n gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

2 Bevry my, יהוה, van bouse manne, beskerm my van die manne van geweld

3 wat bouse dinge in hulle verstand, wil en emosie uitdink, wat aanhoudend stryd opwek.

4 Hulle het hul tonge skerp gemaak soos 'n slang; ^{Rom 3:13} gif van 'n adder is onder hulle lippe.

5 Hou my, יהוה, uit die hande van die bouse; beskerm my teen manne van geweld wat beplan om my vooruitgang te stop.

6 Trotsaards het vir my 'n strik weggesteek; die toue van hulle net oor my paaie gespan; hulle het strikke vir my gestel.

7 Ek het vir יהוה gesê: "U is my God; hoor die stem van my smekinge, o יהוה.

8 יהוה, Meester, my kragtige Verlosser, U is die Skild oor my kop in die dag van die geveg!

9 יהוה, gee tog nie die begeertes van die bouse nie; bevorder nie hulle listige planne nie, laat hulle nie hul doel bereik nie.

10 Laat die boosheid van hulle lippe hulle oordek.

11 Laat brandende kole op hulle val; laat hulle in die vuur val sodat hulle nie weer opstaan nie!

12 Laat sprekers van boosheid nie op die aarde bevestig word nie; boosheid sal die man van geweld jaag om hom te vernietig.

13 Ek weet dat יהוה die saak van die onderdrukte sal verdedig en die reg van die behoeftiges.

14 Sekerlik sal die regverdige U Naam (Karakter en Outoriteit) loof met uitgestrekte hande, die opregtes sal in U Teenwoordigheid leef.

141 ¹ 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

יהוה, ek roep uit na U; maak gou om my te antwoord; draai U oor na my woorde en aanvaar hulle.

2 Laat my gebed voor U wees soos wierook en die oplug van my hande soos die aandoffer.

3 Stel 'n wag voor my mond, o יהוה, bewaar die deur van my lippe ^{Ya'a 1:26}

4 sodat my verstand, wil en emosie nie neig na bouse dinge en booshede doen saam met manne wat boosheid bewerk nie; laat my nie sout saam met hulle eet nie.

5 Laat die regverdige my leer en my tugtig; laat die olie van die bouse nie my kop salf nie, aangesien my gebed teen hulle booshede was.

6 Wanneer hulle regters deur 'n sterk hand gestop word, sal hulle na my woorde luister, want hulle is soet.

7 Soos die ploegskaar die grond verstrooi, laat hulle beendere gestrooi word by die mond van die graf.

- 8 Ek het my oë na U toe opgelig, יְהוָה, Meester; ek het in U vertrou, moenie my lewe verwerp nie!
- 9 Bewaar my van die hand van die bose, want hulle het strikke vir my gespan.
- 10 Laat die bose saam val in hulle eie nette terwyl ek sal verbygaan!

- 142** 1 'n Onderriggewende gedig van Dawid, toe hy in die grot was, 'n gebed.
- 2 Ek het hardop uitgeroep na יְהוָה, ek het my smeking met 'n harde stem tot יְהוָה gerig.
- 3 Ek het my klagtes voor Hom uitgestort; ek het my moeilikhede voor Hom gewys.
- 4 Toe my gees in my oorweldig was, het U my pad geken. Op die pad wat ek loop, het hulle in die geheim vir my 'n strik gespan.
- 5 Ek het na my regterhand gekyk en daar was niemand om vir my raad te gee nie; skuiling het my gefaal, niemand het omgee vir my lewe nie.
- 6 Ek roep uit na U, o יְהוָה! Ek het gesê: "U is my Versekerde Verwagting en my Toegestaande Deel in die land van die lewendes."
- 7 Gee aandag aan my uitroep, want ek is laag gedruk; bevry my van my vervolgers, want hulle is sterker as ek.
- 8 Bring my lewe uit die gevangenis sodat ek U kan loof met uitgestrekte hande. Die regverdiges sal my goed behandel totdat U my beloon.

- 143** 1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
- Luister en hoor my gebed, o יְהוָה; draai U oor na my smeking; antwoord my in U eie woorde en in U onpartydige opregtheid
- 2 en laat U dienskneg nie voor die oordeel gebring word nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie, ^{Rom 3:20}
- 3 want die vyand het my lewe vervolg; hy het my lewe teen die grond neergegooi; hy het my in duisternis laat lewe soos hulle wat lankal dood is;
- 4 daarom is my gees oorweldig in my, my verstand, wil en emosie binne-in my is omgekras.
- 5 Ek onthou uit die ou dae; ek oordink al U dade; ek dink ná oor die werke van U hande.
- 6 Ek steek my hande uit na U; my lewe dors na U soos 'n dorstige land.
- 7 Antwoord my gou, o יְהוָה: my gees faal! Steek nie U gesig vir my weg nie sodat ek nie sal wees soos hulle wat afgaan na die put nie.
- 8 Laat my van U liefdevolle goedheid hoor in die oggend, want in U vertrou ek; laat my weet watter pad om op te loop, want ek lig my lewe op na U.
- 9 Bevry my van my vyande, o יְהוָה, en leer my om U wil te doen,
- 10 want U is my God, U sagte Gees sal my lei op die pad van die lewe.
- 11 Vertrous my, o יְהוָה, om U Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil; lei my lewe uit die moeilikheid ter wille van U onpartydige opregtheid
- 12 en maak die wat my haat stil deur U goedheid en vernietig al die vyande van my lewe, want ek is U dienskneg.

144 ¹ 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.

- Geseënd is יהוה, my Sterkte, wat my hande leer om oorlog te maak en my vingers om te veg;
- 2 my Skuiling en my Bevryder; my Skild en my Helper, waarop ek vertrou, wat nasies aan my onderwerp.
- 3 O יהוה, wat is die mens dat U kennis neem van hom, of die seun van die mens dat U aan hom dink? ^{Ps 8:5}
- 4 Die mens is soos wasem; sy dae soos 'n skaduwee wat verbygaan.
- 5 Buig U hemele, יהוה, en kom af; bestraf die berge en hulle sal rook!
- 6 Gooi weerligstrale en verstrooi hulle; skiet U pyle uit en vernietig hulle!
- 7 Strek U hand uit van bo af; red my uit diep waters, uit die hand van die bose,
- 8 wie se mond sinnelose boosheid praat en wie se regterhand 'n regterhand van bedrog is.
- 9 Ek wil 'n nuwe lied tot U sing, o God, op 'n lier en 'n tiensnarige instrument wil ek sing en musiek maak tot U.
- 10 Dit is Hy wat aan konings die oorwinning gee, wat Sy dienskneg Dawid bevry van die bose swaard.
- 11 Bevry my uit die hand van die bose, wie se mond sinnelose booshede praat en wie se regterhand 'n regterhand van bedrog is
- 12 sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgroei in hulle jeug en ons dogters mag wees soos bruide wat ryklik versier is soos tempels,
- 13 ons skure vol mag wees tot oorlopens toe, ons kleinvee oorvloedig mag vermeerder in ons velde
- 14 en ons beeste sterk mag wees en geen een onder hulle onvrugbaar is nie en daar geen diefstal sal wees nie en geen rou op ons strate nie.
- 15 Gelukkig is die volk wat al hierdie dinge het; ja, gelukkig is die volk wie se God, יהוה is!

145 ¹ 'n Lofprysing van Dawid.

- Ek sal U oplig, o my God, die Koning en ek sal goedpraat van U Naam (Karakter en Outoriteit) vir ewig en ewig.
- 2 Elke dag sal ek U seën en U Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik loof vir ewig en ewig.
- 3 יהוה is groot en waardig om helder en duidelik geloof te word en Sy grootheid is ondeurgrondelik.
- 4 Een geslag sal U werke vertel aan die ander en U magtige dade verkondig.
- 5 Ek wil praat van die wonderlikheid van die grootheid van U majesteit en van U wonderlike dade
- 6 en mense sal praat van die krag van U wonderlike dade en ek sal U grootheid verkondig.
- 7 Hulle sal die herinnering aan U grote goedheid oorvloedig uiter en U regverdiges sal dit soek en vind.

8 יהוה is vol onverdiende guns en liefdevolle omgee, stadig om kwaad te word en vol goedheid. Eks 34:6; Yo' 2:13; Yon 4:2; Nag 1:3; Neg 9:17

9 יהוה is vir almal goed en Sy liefdevolle omgee is oor al Sy diensknegte.

10 Al U diensknegte sal U loof met uitgestrekte hande, o יהוה, en U afgesonderdes sal U seën.

11 Hulle sal praat van die grootheid van U Koninkryk en praat van U krag,

12 om aan die seuns van die mens U mag bekend te maak en die wonderlike majesteit van U Koninkryk.

13 U Koninkryk is 'n ewige koninkryk en U heerskappy duur voort deur al die geslagte. [Peshitta: יהוה is getrou in Sy woorde en onpartydig opreg in al Sy dade.]

14 יהוה hou almal wat val regop en Hy lig almal op wat neergebuig is.

15 Almal se oë wag op U en U gee hulle kos op die regte tyd.

16 U maak U hand oop en versadig die begeerte in elke lewende wese.

17 יהוה is regverdig in al Sy optredes en goedgegunstig in al Sy werke.

18 יהוה is naby aan almal wat uitroep na Hom, almal wat na Hom roep in waarheid.

19 Hy sal die begeerte vervul van hulle wat Hom respektvol vrees en Hy sal ook hulle uitroep hoor en hulle red.

20 יהוה beskerm almal wat Hom lief het, maar Hy sal al die bose vernietig.

21 My mond sal die lofprysing van יהוה uitspreek; laat alle vlees vir ewig en ewig goedpraat van Sy afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit).

146 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof יהוה helder en duidelik, o my lewe!

2 Ek sal יהוה helder en duidelik loof solank as ek lewe; ek sal sing en musiek maak tot my God solank as wat ek lewe.

3 Vertrou nie op prinse, of op die seuns van die mens, in wie geen hulp is nie.

4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe, op daardie selfde dag hou sy gedagtes op.

5 Gelukkig is hy wat die God van Ya'akov het as sy Hulp, wie se versekerde verwagting in יהוה, sy God is,

6 wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is; wat die waarheid vir ewig behou; Hand 4:24; 14:15; Open 10:6

7 wat aan die onderdruktes regverdige oordeel verskaf, wat kos gee aan die hongeres. יהוה bevry die gevangenes.

8 יהוה maak die oë van die blindes oop; יהוה lig hulle op wat neergebuig is. יהוה het die regverdiges lief.

9 יהוה versorg die armes; Hy voed die vaderloses en weduwees, Eks 22:22-24 maar die pad van die bose keer Hy om.

10 יהוה sal vir ewig heers, jou God, o Tziyon, tot in alle geslagte! Loof Yah helder en duidelik!

147 1 Loof Yah helder en duidelik, want dit is goed om te sing en musiek te maak vir ons God, want dit is verruklik en lofprysing is toepaslik!

2 יהוה bou Yerushalayim op; Hy maak die verstrooides van Yisra'el bymekaar.

- 3 Hy genees die wat gebroke van binne is en verbind hulle wonde.
 4 Hy tel die getal van die sterre; Hy noem hulle almal by die naam.
 5 Ons Meester is groot en Sy krag is groot; Sy insig is oneindig.
 6 יהוה lig die swakkes op; Hy verneder die bese tot in die grond.
 7 Vereer יהוה met uitgestrekte hande, sing en maak musiek met die harp tot ons God,
 8 wat die hemele met wolke bedek, wat reën gee op die aarde, wat die gras laat groei op die berge,
 9 wat kos gee aan die beeste en aan die jong rawe wat uitroep.
 10 Hy het geen plesier in die krag van die perd, geen plesier in die bene van 'n magtige man nie.
 11 יהוה het plesier in hom wat Hom respekvol vrees, in hom wat 'n versekerde verwagting het op Sy goedheid.
 12 Loof יהוה hardop, o Yerushalayim! Loof jou God helder en duidelik, o Tziyon,
 13 want Hy het die balke van jou poorte versterk; Hy het jou kinders binne-in jou geseën.
 14 Hy gee vrede binne jou grense en vul jou met die beste van die koring.
 15 Hy stuur Sy opdrag oor die aarde, Sy boodskap hardloop baie vinnig.
 16 Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi die ryp soos as.
 17 Hy gooi Sy ys uit soos stukkies, wie kan voor Sy koue staan?
 18 Hy stuur Sy boodskap uit en laat hulle smelt; Hy laat Sy wind waai en die waters vloei.
 19 Hy verklaar Sy boodskap aan Ya'akov, Sy instellings en regverdige oordele aan Yisra'el.
 20 Hy het nie so met al die nasies gedoen nie en Sy oordele nie aan hulle bekend gemaak nie. ^{Rom 3:2} Loof Yah helder en duidelik!!

- 148** 1 Loof Yah helder en duidelik! Loof יהוה helder en duidelik vanuit die hemele; loof Hom helder en duidelik in die hoogtes!
 2 Loof Hom helder en duidelik, al Sy engele, loof Hom helder en duidelik, al Sy leërmagte!
 3 Loof Hom helder en duidelik, son en maan, loof Hom helder en duidelik, alle ligte en sterre!
 4 Loof Hom helder en duidelik, hemel van hemele en waters wat bo die hemele is!
 5 Laat hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik loof, want Hy het gepraat en hulle is geskep.
 6 Hy het hulle ook vir ewig en ewig vasgestel; Hy het 'n vasgestelde wet gegee wat nie sal verbygaan nie.
 7 Loof יהוה helder en duidelik vanaf die aarde, julle groot monsters en al die dieptes!
 8 Vuur en hael, sneeu en ys, stormwind wat Sy boodskap uitvoer,
 9 berge en alle heuwels, vrugdraende bome en alle seders,
 10 wilde diere en alle vee, kruipende diere en vlieënde voëls,
 11 konings van die aarde en alle volke, prinse en alle regters op die aarde,
 12 beide jongmanne en maagde, oumense en jonges, laat hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה helder en duidelik loof,

13 want Sy Naam (Karakter en Outoriteit) alleen is verhewe; Sy grootsheid is op aarde en in die hemele!

14 Hy lig die horing van Sy volk hoog: die lofprijsing van al Sy afgesonderdes; dit is vir die seuns van Yisra'el, 'n volk wat naby Hom is. Loof Yah helder en duidelik!

149 ¹ Loof Yah helder en duidelik! Sing tot יְהוָה 'n nuwe lied, Sy lofprijsing in die vergadering van die afgesonderdes!

2 Laat Yisra'el hom verheug in Hom wat hulle gemaak het; laat die seuns van Tziyon in die rondte swaai van blydschap oor hulle Koning!

3 Laat hulle Sy Naam (Karakter en Outoriteit) helder en duidelik loof in dans, tot Hom sing en musiek maak met tamboeryn en harp,

4 want יְהוָה is tevrede met Sy volk; Hy versier die behoeftiges met verlossing.

5 Laat die afgesonderdes spring van vreugde in lof en eer; laat hulle hardop sing op hul beddens.

6 Lofprijsing van God is in hulle kele en 'n tweesnykant swaard in hulle hand

7 om wraak uit te oefen onder die ander nasies, strawwe onder die volke, ^{Open 19:14-21}

8 om hulle konings met toue vas te bind en hulle edeles met ysterkettings,

9 om die oordele wat opgeskryf is, aan hulle te voltrek en lof en eer aan al Sy afgesonderdes te bring! Loof Yah helder en duidelik!

150 ¹ Loof Yah helder en duidelik! Loof God helder en duidelik in Sy afgesonderde plek, loof Hom helder en duidelik in die uitgestrektheid van Sy krag!

2 Loof Hom helder en duidelik vir Sy magtige daade, loof Hom helder en duidelik volgens die oorvloed van Sy grootheid!

3 Loof Hom helder en duidelik met die klank van die ramshoring, loof Hom helder en duidelik met lier en harp.

4 Loof Hom helder en duidelik met tamboeryn en dans, loof Hom helder en duidelik met snaar- en blaasinstrumente.

5 Loof Hom helder en duidelik met harde simbale, loof Hom helder en duidelik met klinkende simbale!

6 Laat alles wat asem het, יְהוָה helder en duidelik loof! Loof Yah helder en duidelik!

Die agt-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die tweede boek van die Geskrifte

Mishlei

(Spreuke)

משלי - Mishlei - Spreuke - vergrote verstandelike vermoë

Die boek is grotendeels deur Shlomo geskryf.

- 1 1 Die spreuke van Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el,
- 2 om wysheid en dissipline te ken, om boodskappe van insig te verstaan,
- 3 om dissipline, respek, onpartydige opregtheid, regverdige oordeel en gelykheid te ontvang;
- 4 om aan die eenvoudiges onderskeiding te gee, aan die jongman kennis en beplanning;
- 5 'n wyse man sal luister en insig vermeerder en 'n man van begrip sal leierskap verkry;
- 6 om spreuke en beeldspraak te verstaan - die woorde van die wyse manne en hulle raaisels.
- 7 Die respekvolle vrees vir יהוה is die begin van kennis, maar dwase verag wysheid en instruksies. Spr 9:10; 10:27; Ps 111:10
- 8 My seun, hoor, luister en doen die instruksies van jou vader en verwerp nie die wet van jou moeder nie, Deut 6:4
- 9 want hulle sal 'n lieflike ornament wees vir jou kop en 'n halssnoer vir jou nek. 1 Kefa 3:3
- 10 My seun, as die sondaars jou verlei, moenie toegee nie.
- 11 As hulle vir jou sê: "Kom saam met ons, laat ons lê en wag om bloed te vergiet, laat ons lê en wag vir die onskuldige sonder oorsaak,
- 12 laat ons hulle lewendig verslind soos Sh'ol die lewendes verslind en heel insluk soos hulle wat afgaan in die put;
- 13 ons sal al sy rykdom en kosbare goed vind, ons sal ons huise vol maak met buit.
- 14 Gooi jou lot in by ons, laat ons almal een beursie hê."
- 15 My seun, moenie in hulle lewenswyse leef nie, hou jou voet terug van hulle pad,
- 16 want hulle voete hardloop na die bese, hulle haas hulle om bloed te vergiet. Rom 3:17
- 17 Die net word in misleiding uitgesprei voor die oë van enige voël
- 18 en hulle lê en wag, hulle kruip weg om bloed te vergiet.
- 19 So is die lewenswyse van almal wat onregverdig is; dit neem lewe weg van die eienaar.
- 20 Wysheid word opgelig in die markplein, sy lig haar stem op in die strate,
- 21 sy verkondig in die hoof plekke van bymekaarkoms; by die openinge van die poorte van die stad, bring sy haar boodskappe:
- 22 Hoe lank sal julle, eenvoudiges, kinderagtigheid liefhê, die spotters hulle spot geniet en die dwase kennis haat?
- 23 As julle jul tot My teregwyding sal draai, let op, Ek sal My Gees op julle uitstort, Ek sal My boodskappe aan julle bekend maak,
- 24 want Ek het geroep en julle het geweier, Ek het My hand uitgesteek en julle het nie geluister nie,
- 25 maar julle het al My raad verag en was nie bly oor My teregwyding nie.
- 26 Ek sal ook lag by julle katastrofe, Ek sal my verheug as ang en skielike vernietiging oor julle kom;
- 27 as julle vernietiging kom soos 'n warrelwind, wanneer benoudheid en ang oor julle kom,
- 28 dan sal hulle na My toe uitroep, maar Ek sal hulle nie antwoord nie; vroeg sal hulle My soek, maar My nie vind nie,

29 want hulle het kennis gehaat en nie die respekvolle vrees van יְהוָה verkies nie.
30 Hulle was nie tevrede met My raad nie, hulle het al My tereg wysinge verwerp;
31 daarom sal hulle eet van die vrug van hulle eie lewenswyse en versadig word deur hul eie planne,
32 want die wegdraai van die eenvoudiges sal hulle doodmaak en die foute van die swaksinnige sal hom vernietig,
33 maar die wat na My luister en dit doen, sal in versekerde verwagting leef en sal wegbly van baie booshede.

2 1 My seun, as jy My woorde sal aanvaar en My opdragte in jou bewaar,
2 jou oor draai na wysheid, jou verstand, wil en emosie met insig toepas;
3 ja, as jy uitroep na kennis en jou stem oplik na insig,
4 as jy daarna soek soos na silwer en daarna soek soos na verborge skatte,
5 dan sal jy die respekvolle vrees van יְהוָה verstaan en die kennis van God vind,
6 want dit is יְהוָה wat wysheid gee; uit Sy mond kom kennis en insig. ^{Ps 119:104; Ya'a 1:5}
7 Hy stoor versekerde verwagting vir die opregtes, Hy help hulle wat vlekkeloos lewe;
8 Hy bewaar die paaie van regverdige oordeel en beskerm die lewenswyse van Sy afgesonderdes;
9 dan sal jy onpartydige opregtheid, regverdige oordeel en gelykheid van alle goeie paaie verstaan,
10 wanneer wysheid in jou verstand, wil en emosie inkom en kennis vir jou lewe aangenaam is;
11 onderskeidingsvermoë sal jou beskerm en die insig van die opregte sal jou bevry
12 sodat jy bevry kan word van bose lewenswyses, van mense wat perverse dinge praat;
13 wat die pad van opregtheid verlaat om op die pad van duisternis te loop;
14 wat hulle verheug daarin om boosheid te doen en hulle verbly in die boosheid van bose dinge,
15 manne wie se lewenswyses verdraaid is en wie se paaie pervers is.
16 Wysheid sal jou bevry van die vreemde vrou, wat jou vlei met haar woorde,
17 wat die moeder van haar jeug verlaat en die verbond van haar God vergeet het,
18 want sy het die deurpos van haar huis vergeet en die rigting van haar paaie.
19 Niemand wat na haar toe gaan, kom weer terug nie en onthou ook nie die pad van die lewe nie;
20 daarom moet jy loop op die pad van goeie manne en bly op die pad van die regverdiges,
21 want die opregtes sal in die land bly en die onbevleektes sal daarin oorbly,
22 maar die goddelose sal van die aarde afgesny word en die oortreders sal daaruit onwortel word.

3 1 My seun, moenie My wet vergeet nie, maar laat jou verstand, wil en emosie My opdragte bewaar,
2 want dit sal lengte van dae en lang lewe vir jou byvoeg

- 3 en liefde, goedheid en waarheid sal jou nie verlaat nie; bind dit om jou nek, skryf dit op die tafels van jou verstand, wil en emosie, ^{Deut 11:18-20; Yir 31:31-33}
- 4 dan sal jy onverdiende guns vind en insig in die oë van God en die mense. ^{Luk 2:40,52}
- 5 Vertrou op יהוה met jou hele verstand, wil en emosie en maak nie staat op jou eie wysheid nie.
- 6 Erken Hom in al jou lewenswyses, dan sal Hy jou paaie rig.
- 7 Moenie wys wees in jou eie oë nie; vrees יהוה respekvol en gaan weg van boosheid af.
- 8 Dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.
- 9 Vereer יהוה met jou besittings en met die eerste vrugte van al jou inkomste
- 10 en jou skure sal vol gemaak word met oorvloed en jou parskuie sal oop bars van nuwe wyn.
- 11 My seun, verag nie die tug van יהוה nie en moenie vermoeid word met Sy teregwyding nie,
- 12 want יהוה wys hulle tereg wat Hy lief het, soos 'n vader sy seun tereg wys. ^{Heb 12:6}
- 13 Geseënd is die mens wat wysheid gevind het en die seun van die mens wat insig vind,
- 14 want die wins daarvan is beter as dié van silwer en die winste beter as van fyn goud.
- 15 Dit is waardevoller as kosbare stene en daar is niks om daarmee te vergelyk nie.
- 16 In haar regterhand is lengte van dae, in haar linkerhand rykdom en eer;
- 17 haar lewenswyse is aangenaam en al haar paaie is vrede.
- 18 Dit is 'n boom van lewe vir die wat dit onveranderlik aangryp en geseënd is hulle wat daarvoor wag. ^{Gen 2:9; Open 2:7; Open 22:14}
- 19 יהוה het deur Sy wysheid die aarde gevestig, deur Sy insig die hemele vasgestel;
- 20 deur Sy kennis is die dieptes oopgebreek en het die wolke dou gedrup.
- 21 My seun, laat My opdragte nie uit jou oë wyk nie, bewaar suiwer wysheid en onderskeiding,
- 22 dan sal dit lewe wees vir jou en liefdevolle goedheid vir jou nek,
- 23 dan sal jy op jou pad loop met versekerde verwagting en jou voet sal nie struikel nie.
- 24 Wanneer jy gaan lê, sal jy nie bang wees nie, ja, jy sal gaan lê en jou slaap sal soet wees.
- 25 Jy sal nie bang wees vir 'n skielike opskudding of vir die geweld van die bose, wanneer dit kom, nie, ^{Lev 26:6}
- 26 want יהוה sal by jou wees en jou voet bewaar van die strik.
- 27 Moenie weier om te doen wat goed is, as dit in jou hand is om dit te doen nie.
- 28 Wanneer jy iets het, moenie vir jou naaste sê: "Gaan en kom weer môre terug, dan sal ek dit vir jou gee," nie,
- 29 Moenie boosheid teen jou naaste beplan nie, aangesien hy in vrede langs jou bly.
- 30 Moenie met iemand sonder rede twis as hy jou geen kwaad aangedoen het nie.
- 31 Moenie jaloers wees op 'n man van geweld nie en kies geeneen van sy lewenswyses nie,

32 want die bose is 'n verwerplikeheid in die Teenwoordigheid van יְהוָה, maar die geheime van יְהוָה is by die opregtes. Ps 25:14; Mat 10:26; Mat 13:11; 1 Kor 2:7

33 Die vloek van יְהוָה is in die huis van die bose, maar Hy seën die blyplek van die regverdiges.

34 Sekerlik verag Hy spotters, maar Hy het liefdevolle omgee vir die wyse.

35 Die wyse sal lof en eer erf, maar die dwase sal skande ontvang.

4 1 My seuns, hoor, luister en doen die instruksies van 'n vader en luister na kennis en insig, Deut 6:4

2 want ek gee vir julle goeie instruksies, verlaat nie my wet nie,

3 want ek was ook 'n seun vir my vader, sag en 'n uniek enigste geborene in my moeder se oë.

4 Hy het my geleer en vir my gesê: "Laat jou verstand, wil en emosie my woorde vashou; onderhou my opdragte en leef en laat my wet wees soos die pupil van die oog.

5 Verkry wysheid, verkry insig en draai nie weg van die woorde van my mond nie;

6 verlaat dit nie en dit sal jou bewaar; jy moet dit liefhê, dan sal dit jou red."

7 Wysheid is die belangrikste ding; kry daarom wysheid en met jou hele wese, insig.

8 As jy dit lief het, sal dit jou verhoog; gryp dit vas en dit sal jou eer.

9 Sy sal 'n ornament van liefdevolle goedheid op jou kop sit; 'n kroon van eer sal sy op jou plaas.

10 Hoor, luister en doen, my seun en ontvang my gesegdes en die jare van jou lewe sal baie wees.

11 Ek het aan jou die lewenswyses van wysheid geleer; ek het jou op die regte paaie gelei;

12 wanneer jy loop, sal jou treë nie onstabiel wees nie; as jy hardloop, sal jy nie struikel nie.

13 Hou styf vas aan my instruksies en moet dit nie los nie; hou dit, want dit is jou lewe. Ps 119:109

14 Moenie loop op die pad van die bose mense nie en moenie jaloers wees op die lewenswyse van die bose nie.

15 Waar hulle bly, moenie daar verbygaan nie, draai daarvan af weg,

16 want hulle kan nie slaap as hulle nie kwaad gedoen het nie en hulle slaap word weggehou totdat hulle bose begeertes uitgevoer is,

17 want hulle eet die brood van boosheid en drink die wyn van gewelddadigheid,

18 maar die pad van die regverdiges is soos die helder lig wat al helderder word tot die volle dag toe.

19 Die pad van die bose is soos duisternis, hulle weet nie waaroor hulle struikel nie.

20 My seun, luister na my woorde, draai jou oor na my gesegdes,

21 laat hulle nie weggaan voor jou oë nie, maar hou hulle in jou verstand, wil en emosie,

22 want hulle is lewe vir die wat hulle vind en gesondheid vir hulle hele liggaam. Ps 107:20

23 Bewaak jou verstand, wil en emosie met alle ywer, want daaruit is die bron van lewe.

- 24 Verwyder van jou 'n perverse mond en hou die raad van misleiding ver van jou lippe af.
- 25 Laat jou oë reguit vorentoe kyk en laat jou ooglede reg voor jou kyk.
- 26 Hou jou voete weg van die bose paaie, ^{Ps 119:113,133; Heb 12:12} dan sal al jou paaie stewig wees.
- 27 Moenie na regs of na links afdraai nie, maar hou jou voet weg van die boosheid.
- 5** 1 My seun, luister na my wysheid, draai jou oor na my insig
2 dat jy na raad kan luister en jou lippe kennis kan behou,
3 want die lippe van 'n vreemde vrou drup soos 'n heuningkoek en haar woorde is gladder as olie,
4 maar die einde van haar lewe is so bitter soos wilde-als, soos 'n swaard met twee snykante.
5 Haar voete laat mans afgaan na die dood, haar treë vat haar na Sh'ol.
6 Sy loop nie op die land van die lewendes nie, haar pad is veranderlik en onbekend.
7 Luister daarom nou na my en doen dit, julle seuns en moenie afwyk van die woorde van my mond nie.
8 Verwyder jou lewenswyse ver van haar af en kom nie naby die deur van haar huis nie
9 sodat jy nie jou krag aan ander sal oorgee en jou jare aan die wreedaards
10 en dat vreemdes hulle nie versadig met jou rykdom en jou werk in die huis van 'n vreemdeling kom nie
11 en jy in jou oudag spyt sal hê, as die vlees van jou liggaam verteer word ^{Rom 1:24-}
12 en jy sê: "Hoekom het ek instruksies gehaat en my verstand, wil en emosie teregwyding verag
13 en hoekom het ek nie geluister na die stem van my onderwyser, of my oor gedraai na hulle wat vir my instruksies gegee het nie!
14 Ek was in amper alle soorte boosheid te midde van die vergadering en die gemeente.
15 Drink water uit jou eie put en lopende water uit jou eie fontein.
16 Laat jou water oorloop in jou strate, laat dit na buite versprei. ^{Spr 10:11}
17 Laat dit net vir jou alleen wees, laat vreemdelinge nie met jou deel nie.
18 Mag jou fontein geseënd wees en verheug jou in die vrou van jou jeug.
19 Laat haar wees soos 'n liefdevolle bokkooitjie en 'n aangename Ibex ooi; laat haar borste jou altyd tevrede stel en wees altyd bekoor deur haar liefde.
20 My seun, moenie mislei word deur 'n vreemde vrou, of die borste van 'n vreemde vrou omhels nie,
21 want elke mens se lewenswyse is voor die oë van יהוה en al sy paaie lê oop voor Sy Teenwoordigheid.
22 Die bose sal gevang word deur sy eie oortredinge en hy sal deur die bande van sy sonde vasgebind word.
23 Hy sal sterf sonder instruksies en deur die grootheid van sy dwaasheid sal hy afdwaal.

- 6 1 My seun, as jy vir jou vriend borg gestaan het, met 'n vreemdeling hand geskud het,
2 dan is jy verstrikt in die woorde van jou mond, gevang deur die woorde van jou lippe, Spr 11:15; 17:18; 20:16-17
- 3 doen nou dit, my seun en bevry jouself, want ter wille van jou vriend, het jy in die hande van jou vyande geval; gaan daarom en wek jou vriend op om sy verpligting na te kom,
- 4 moenie jou oë slaap of jou ooglede sluimering gee nie.
- 5 Bevry jouself soos 'n wildsbok uit die strik en soos 'n voël uit die hand van 'n voëlvanger.
- 6 Wees soos die mier, luiaard, oorweeg sy lewenswyse en wees wys!
- 7 Alhoewel sy geen oes het of 'n aanvoerder oor haar het nie en ook niemand om haar te lei nie,
- 8 voorsien sy haar brood in die somer en samel die kos in in die oestyd.
- 9 Hoe lank sal jy slaap, luiaard, wanneer sal jy opstaan uit jou slaap?
- 10 Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hande-vou oor die bors;
- 11 so kom armoede oor jou en benoudheid sal jou inhaal soos 'n gewapende man.
- 12 'n Dwaas, 'n boosdoener is gewetenloos,
- 13 wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee; Ps 35:19; Spr 16:30
- 14 wat pervers is in sy verstand, wil en emosie, wat altyd boosheid beplan en tweedrag saai;
- 15 daarom sal sy katastrofe skielik kom, skielik sal hy gebroke wees sonder genesing.
- 16 Daar is ses dinge wat יָהוָה haat, ja, die sewende is vir Hom verwerplik:
- 17 trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet,
- 18 'n verstand, wil en emosie wat bose verbeeldings uitdink, voete wat haastig is om na die boosheid toe te hardloop,
- 19 'n valse getuie wat leuens vertel en tweedrag tussen broers saai.
- 20 My seun, hou jou vader se opdragte en verwerp nie die wet van jou moeder nie.
- 21 Bind dit stewig vas in jou verstand, wil en emosie en hang dit om jou nek.
- 22 As jy loop, laat hulle jou volg, laat hulle by jou wees; beskerm hulle sodat hulle jou beskerm en as jy wakker word, oordink hulle,
- 23 want die opdragte is 'n lamp en die instruksies 'n lig en die teregwyding wat dissiplineer is die pad tot lewe, Ps 119:105
- 24 om jou te bewaar teen 'n slegte vrou, van die gevele van die tong van 'n vreemde vrou.
- 25 Moenie haar skoonheid in jou hart begeer, of jou in 'n strik laat vang deur haar oë of jou laat gevange neem deur haar ooglede nie,
- 26 want die voorkoms van 'n hoer is so verleidelik soos 'n brood en die egbreekster jag 'n kosbare lewe.
- 27 Kan iemand vuur in sy skoot dra en sy klere nie verbrand nie?
- 28 Kan iemand op warm kole loop en sy voete nie verbrand nie?
- 29 So is hy wat by die vrou van sy naaste ingaan en haar aanraak; hy sal nie onskuldig wees nie.

- 30 Niemand wonder oor 'n dief as hy gevang word dat hy steel nie, want hy steel om homself te bevredig as hy honger het,
31 maar as hy gevang word, moet hy sewevoudig terugbetaal; hy moet al die goed in sy huis gee.
32 Hy wat egbreuk pleeg met 'n vrou, is sonder insig en hy vernietig sy eie lewe.
33 Hy wat dit doen bring oneer oor homself en sy oneer sal nie uitgewis word nie,
34 want jaloesie wek 'n man se woede op; daarom sal hy nie spaar op die dag van wraak nie;
35 hy sal geen loskoopprys in aanmerking neem nie en ook nie luister as jy die omkoopprys vergroot nie.

- 7 1 My seun, onderhou my boodskappe en bewaar my opdragte in jou;
2 onderhou my opdragte en my wet soos die pupil van jou oog en lewe.
3 Bind hulle om jou nek, skryf hulle op die tafel van jou verstand, wil en emosie.
4 Sê aan die wysheid: "Jy is my suster" en aan insig: "Jy is my raadgewer"
5 sodat hulle jou kan bewaar teen die vreemde vrou, van die vreemdeling, wat vlei met haar woorde,
6 want sy het deur die venster van haar huis en vanaf die balkon uitgekyk
7 en sy het vir jongmanne gekyk, sy het onder die jeug verken en 'n verstandelose jongman opgemerk,
8 wat op die straat verbygaan naby die hoek van haar huis,
9 in die skemer, in die aand, in die swart en donker nag.
10 Let op, daar kom 'n vrou uit, soos 'n hoer aangetrek om een van hulle te ontmoet, 'n vrou wat die binneste van jong manne laat fladder.
11 Sy is rebels en vraatsugtig, haar voete bly nie in haar huis nie,
12 maar sy loop buitekant rond, nou buite in die strate, nou staan sy en wag op die hoeke.
13 Sy het hom gegryp, hom gesoen en met 'n onbeskaamde gesig vir hom gesê:
14 "Vandag het ek my geloftes betaal. Ek het vredesoffers by my;
15 daarom het ek uitgekom om jou te ontmoet, want ek het gewag om jou te sien en nou het ek jou gekry.
16 Ek het my bed op 'n mat opgemaak, dit met fyn linne uit Mitzrayim bedek;
17 ek het my bed geparfumeer met mirre, aalwyn en kaneel;
18 kom, laat ons versadig word van liefde tot die oggend toe, laat ons mekaar omarm met passie,
19 want my man is nie tuis nie, hy het op 'n lang reis gegaan,
20 hy het 'n geldsak saam met hom gevat en dit sal lank wees voordat hy huis toe kom."
21 Sy het hom verlei deur baie mooipraatjies, deur die vleiere van haar lippe het sy hom forseer.
22 Hy loop agter haar aan soos 'n klein kindjie, soos 'n bees wat na die slagpaal gaan en soos 'n hond wat gemuilband word,
23 soos 'n bok as sy lewer deur die pyl gekloof word; soos 'n voël hom haas na die vangnet en hy nie weet dat hy na sy dood toe gaan nie;

- 24 daarom nou, my seuns, luister na my en doen dit en gee aandag aan die woorde van my mond.
- 25 Laat jou verstand, wil en emosie nie afwyk agter haar lewenswyse aan nie, dwaal nie af op haar paaie nie,
- 26 want sy het baie gewondes neergegooi, ja, baie magtige manne is deur haar vermoor.
- 27 Die pad na haar huis is die pad na Sh'ol, wat afgaan na die kamers van die dood.
- 8** 1 Verkondig daarom wysheid en insig sal jou antwoord,
- 2 want wysheid is op die top van die hoë plekke, sy staan tussen die roetes en langs die paaie.
- 3 Sy roep uit by die poorte, by die ingang na die stad, roep sy hardop uit en sê:
- 4 “Ek roep na julle, o manne en my stem is tot die seuns van die mens gerig
- 5 sodat eenvoudiges insig en begrip kan verstaan en dwase in hulle verstand, wil en emosie kan verstaan.
- 6 Hoor, luister en doen, want ek sal waarheid praat en die oopmaak van my mond sal opregtheid voortbring,
- 7 want my mond sal waarheid praat en leuenagtige lippe is verwerplik voor my.
- 8 Al die woorde van my mond is onpartydig opreg, daar is niks pervers of misleidend in hulle nie.
- 9 Hulle is almal duidelik vir die wat hulle verstaan en reg vir die wat gewillig is om kennis te vind.
- 10 Ontvang dissipline eerder as silwer en kies eerder kennis as fyn goud,
- 11 want wysheid is baie beter as fyn goud, ja, sy is beter as edelstene en niks kan met haar vergelyk word nie.
- 12 Ek, wysheid, het insig en begrip geskep en ek besit kennis en rede.
- 13 Die respekvolle vrees van יהוה minag boosheid; hoogmoed, trots, 'n bose pad en perverse spraak haat ek.
- 14 Raadgewing en begripsvermoë is myne; insig en sterkte is myne.
- 15 Deur my regeer konings en verklaar prinse regverdige oordeel;
- 16 deur my heers prinse en edelmanne, al die regters van die aarde.
- 17 Ek het lief dié wat my lief het en dié wat my soek, sal my vind.
- 18 Rykdom en eer is myne, ja, standhoudende rykdom en onpartydige opregtheid.
- 19 My vrug is beter as fyn goud en my opbrengs as uitgesoekte silwer.
- 20 Ek lei op die pad van onpartydige opregtheid, te midde van die paaie van regverdige oordeel,
- 21 om aan dié wat my lief het, 'n versekerde verwagting te gee en ek sal hulle skatkamers volmaak.
- 22 יהוה het my geskep as eersteling van Sy skepping, voor al Sy werke.
- 23 Ek is van ewigheid af gevestig, vanaf die begin voordat Hy die aarde gemaak het.
- 24 Toe daar nog geen dieptes was nie, is ek gebore; toe daar geen fonteine, oorlopens met water, was nie.
- 25 Voordat die berge gevestig is, voor die heuwels gevorm is, is ek gebore

- 26 terwyl Hy nog nie die aarde, die valleie of die beste grond van die wêreld gemaak het nie.
- 27 Toe Hy die hemele vasgestel het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die dieptes;
- 28 toe Hy die wolke daarbo gevestig het, toe Hy die fonteine van die dieptes versterk het;
- 29 toe Hy vir die see sy grens gestel het sodat die waters nie Sy bevel sou oortree nie; toe Hy die fondasies van die aarde neergelê het, ^{Ps 104:5,9}
- 30 het ek dit saam met Hom vasgestel en ek was daaglik Sy genot, altyd in vreugde voor Sy Teenwoordigheid,
- 31 laggend en spelend op Sy bewoonbare aarde en my vreugde was in die seuns van die mens.
- 32 Hoor, luister en doen wat ek sê, seuns, want geseënd is hulle wat my lewenswyse navolg.
- 33 Hoor, luister en doen die instruksies en wees wys en moenie afdwaal nie.
- 34 Geseënd is die man wat na my luister, dit hoor en doen, daaglik wakend by my poorte, wagtend by my deurpos,
- 35 want my doelstellings is die dinge van die lewe, hulle verkondig die wil van יְהוָה.
- 36 Hulle wat teen my sondig, benadeel hul eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief.”

- 9** 1 Wysheid het haar huis gebou en sewe pilare daarin opgestel.
- 2 Sy het haar vee geslag, haar wyn gemeng, ook haar tafel voorberei.
- 3 Sy het haar diensmeisies uitgestuur om op die hoogste plekke uit te roep en te sê:
- 4 “Wie eenvoudig is, laat hom na my toe kom;” vir wie insig kortkom sê sy:
- 5 “Kom, eet van my brood en drink van die wyn wat ek gemeng het;
- 6 laat staan die eenvoudigheid en lewe en gaan op die pad van insig.”
- 7 Teregwyding van 'n spotter bring oneer; die bose word bestraf deur sy eie vlekke.
- 8 Moenie 'n spotter bestraf nie, anders haat hy jou; bestraf 'n wyse en hy sal jou liefhê.
- 9 Gee 'n geleentheid aan die wyse en hy sal nog wyser word; leer die regverdige en hy sal kennis vermeerder.
- 10 Die respekvolle vrees vir יְהוָה is die begin van wysheid en die kennis aangaande die Afgesonderde is insig, ^{Spr 1:7; 10:27; Ps 111:10}
- 11 want deur haar sal jou dae vermeerder word en die jare van jou lewe sal vermeerder word.
- 12 My seun, as jy wys is, is jy wys vir jouself en vir jou vriende, maar as jy bose gedagtes het, sal jy alleen jou booshede dra.
- 13 Hy wat dinge ontken, voed valslik op wind en volg voëls in die lug, want hy het die pad na sy wingerd verlaat en die pad van sy arbeid, om in die wildernis sonder water te loop; in die deurtrapte plekke loop hy dors en bereik niks.
- 14 'n Dwase vrou is uitdagend, sy weet nie wat skaamte is nie, sy sit op 'n hoë stoel by die deur van haar huis.
- 15 Sy roep hulle wat verbygaan, wat reg op hulle paaie loop.

16 Sy sê: “Wie eenvoudig is, laat hom na my toe kom!” Vir hulle wat insig kortkom sê sy:

17 “Gesteelde water is soet en brood in die geheim geëet, is lekker.”

18 Hy weet egter nie dat magtige manne by haar sterf en dat haar gaste in die dieptes van Sh'ol is nie.

19 (Peshitta en LXX) Staan nou op en moenie in daardie plek bly nie, moenie na haar kyk nie en gaan so verby die waters van vreemdelinge, gaan oor 'n vreemde rivier en jy moenie drink van die rivier van vreemdelinge nie. Deur so te doen sal 'n menigte dae en jare by jou lewe gevoeg word.

10 1 Die spreuke van Shlomo: 'n wyse seun verbly sy vader, maar 'n dwase seun bring depressie oor sy moeder.

2 Skatte deur boosheid verkry, bring geen voordeel nie, maar onpartydige opregtheid bevry van die dood.

3 יהוה sal nie die lewe van die regverdige van honger laat omkom nie, maar die begeertes van die bose stoot Hy weg.

4 Hy wat met 'n misleidende hand werk, word arm, maar die hand van die vlytiges maak ryk.

5 Hy wat in die somer werk, is 'n verstandige seun, maar hy wat slaap in die oestyd, is 'n seun wat skande veroorsaak.

6 Seëninge is op die kop van die regverdige, maar geweld bedek die mond van die bose.

7 Die nagedagtenis van die regverdige is 'n seën, maar die erfgenaam van die bose sterf uit.

8 Hy wat wys van verstand, wil en emosie is, aanvaar opdragte, maar hy op wie se lippe dwaasheid is, sal uitgevang word.

9 Hy wat in opregtheid lewe, lewe veilig, maar hy wat pervers lewe sal bekend wees.

10 Hy wat misleidend met sy oog knip, ^{Ps 35:19; Spr 16:30} veroorsaak pyn, maar hy wat openlik tereg wys, maak vrede.

11 Die mond van 'n regverdige man is 'n fontein van lewe, ^{Spr 5:16} maar die mond van die bose is bedek met geweld.

12 Haat veroorsaak twiste, skande sal al die bose oordek.

13 Hy wat wysheid voortbring oor sy lippe, sal hom wat insig kortkom met 'n lat slaan.

14 Die wyse verberg sy kennis, maar 'n haastige mond is naby vernietiging.

15 Die rykdom van die ryk manne is hul sterk stede; die vernietiging van die behoeftiges is hulle armoede.

16 Die werk van die regverdige is tot Lewe; die opbrengs van die bose is tot sonde.

17 Die ware lewenswyse aanvaar tugtigting, maar hy wat tereg wysing haat is 'n dwaas.

18 Die lippe van die bose is vol misleiding en hy wat 'n vloek uitspreek, is 'n dwaas.

19 Die bose kan nie bevry word deur 'n oorvloed van woorde nie, maar hy wat sy lippe inhou, is wys.

- 20 Die tong van die regverdige is soos uitgesoekte silwer; die verstand, wil en emosie van die bose is vol bitterheid.
 - 21 Die lippe van die regverdige is vol onverdiende guns, maar die dwase sterf deur die gebrek aan wysheid.
 - 22 Die seën van יְהוָה bring rykdom en daar sal geen smart in wees nie.
 - 23 Dit is 'n grap vir die dwaas om boosheid uit te voer, maar 'n man van insig het wysheid.
 - 24 Die vrees, wat die bose dryf, sal oor hom kom, maar die begeerte van die regverdiges sal vervul word.
 - 25 Soos die warrelwind skielik verbygaan, so sal bose mense vergaan en nie meer wees nie, maar die regverdige is 'n ewigdurende fondasie.
 - 26 Soos groen druiwe skadelik is vir die tande en soos rook vir die oë, so maak boosheid hom, wat daaraan oorgegee is, seer.
 - 27 Respekvolle vrees vir יְהוָה verleng die lewe, maar die jare van die bose sal verkort word.
Spr 1:7; 9:10; Ps 111:10
 - 28 Die versekerde verwagting van die regverdiges sal vreugde wees, maar die verwagting van die bose sal vergaan.
 - 29 Die lewenswyse van יְהוָה is krag vir die opregte, maar daar sal vernietiging vir die werkers van sinnelose boosheid wees.
 - 30 Die regverdige sal nooit verwyder word nie,^{Deut 28:3-14} maar die bose sal nie die land bewoon nie.
Deut 28:30
 - 31 Die mond van die regverdige bring wysheid voort, maar die perverse tong sal stilgemaak word.
 - 32 Die lippe van die regverdige weet wat goed is, maar die mond van die bose praat perverse dinge.
- 11** 1 Vals weegskale is vir יְהוָה verwerplik, maar Hy het vreugde in regte gewigte.
- 2 Waar arrogansie kom, kom die skande, maar by die nederiges is wysheid.
 - 3 Die versekerde verwagting van die opregtes sal gegee word, maar die trots van die bose sal vernietig word.
 - 4 Rykdom bevoordeel nie op die dag van woede nie, maar onpartydige opregtheid bevry van die dood.
 - 5 Die onpartydige opregtheid van die volmaakte sal sy pad rig, maar die bose sal val deur sy eie boosheid.
 - 6 Die onpartydige opregtheid van die volmaakte bevry hulle, maar die oortreders sal gevang word in hulle eie boosheid.
 - 7 Wanneer 'n bose man sterf, vergaan sy verwagtinge en die hoop van die boosdoeners vergaan.
 - 8 Die regverdige word bevry uit moeilikheid en die bose kom in sy plek.
 - 9 Deur sy mond vernietig die bose man sy naaste, maar deur kennis sal die regverdiges versterk word.
 - 10 Wanneer dit goed gaan met die regverdiges, word die stad kragtig; wanneer die bose verlore gaan, is daar uitroep van vreugde.

- 11 Deur die seën van die opregtes word die stad opgehef, maar deur die mond van die bose word dit omvergewerp.
- 12 Hy wat sy naaste verag, kom insig kort, maar 'n verstandige man leef in vrede.
- 13 'n Teëstander openbaar geheime, maar hy wat betroubaar is in sy gees, bedek die saak.
- 14 'n Volk sonder leier sal val, maar in die veelheid van raadgewers is bevryding.
- 15 Hy wat vir 'n vreemdeling borg staan, word sleg vernietig, maar hy wat haat wie die handskud gee, is veilig. ^{Spr 6:1,2; 17:18; 27:13}
- 16 'n Sagte, mooi vrou behou die eer van haar man; 'n vrou wat die waarheid haat is 'n plek van oneer. Lui mans is behoeftig, al is hulle ryk; sterk mans behou kennis.
- 17 'n Man van goedheid doen goed aan sy eie lewe, maar 'n wreedaard vernietig sy eie vlees.
- 18 Die bose man doen 'n misleidende werk, maar hy wat onpartydige opregtheid saai, het 'n ware beloning.
- 19 'n Seun wat in onpartydige opregtheid grootgemaak is, leef lank, maar hy wat boosheid najaag, jaag na sy eie dood.
- 20 Die wat pervers van verstand, wil en emosie is, is vir יהרהר verwerplik, maar die wat opreg is in hulle lewe, is Sy vreugde.
- 21 Hy wat sy hand teen sy naaste uitsteek sal nie ongestraf bly nie, maar die nageslag van die regverdige sal bevry word.
- 22 Soos 'n goue ring in 'n vark se snoet, so is 'n mooi vrou sonder goeie oordeel.
- 23 Die begeerte van die regverdiges is net goed, maar die verwagting van die bose is toorn.
- 24 Daar is hy wat sy saad na buite uitstrooi en tog baie inbring en hy wat bymekaarmaak wat nie syne is nie en tog minder het.
- 25 Die lewe wat seën, sal verryk word en hy wat vloek, sal meer vervloek word. ^{Ps 109:17}
- 26 Hy wat graan terughou in die tyd van nood, sal in die hande van sy vyande val, maar 'n seën sal op die kop wees van hom wat dit verkoop.
- 27 Wie ywerig die goeie soek, sal voortdurend guns vind, maar die kwaad sal kom op hom wat dit soek.
- 28 Hy wat op sy rykdom vertrou, sal val, maar die regverdiges sal floreer soos groen blare.
- 29 Hy wat sy huis bou in valsheid, sal hartseer vir sy kinders nalaat; hy wat faal om sy huis kalm te maak, sal wind vir sy kinders nalaat; die dwaas sal 'n slaaf wees van die wyse.
- 30 Die vrug van die regverdige is 'n boom van lewe, maar die lewe van die bose sal uitgedryf word.
- 31 As die regverdige in moeilikheid leef, ^{1 Kef 4:18} hoeveel te meer die bose en die sondaar!
- 12** 1 Hy wat dissipline lief het, het kennis lief, maar hy wat teregwyding haat, is 'n dwaas.
- 2 Die goeie man verkry guns van יהרהר, maar die bose sal veroordeel word.

- 3 'n Man sal nie gevestig word deur boosheid nie, maar die wortel van die regverdiges sal floreer.
- 4 'n Moreel goeie vrou is 'n kroon vir haar man, maar een wat boos doen vernietig haar man soos 'n boorwurm en 'n termiet.
- 5 Die gedagtes van die regverdiges is opreg, maar die berading van die bose is bedrog.
- 6 Die raad van die bose is om te lê en wag op bloedvergieting, maar die mond van die opregtes sal hulle bevry.
- 7 Die bose sal omvergewerp word en nie gevind word nie, maar die huis van die regverdiges sal staan.
- 8 Volgens sy insig sal 'n man aangeprys word, maar hy wat insig kort, sal verag word.
- 9 'n Arm man wat homself bedien, is beter as een wat trots is en tog gebrek het aan brood.
- 10 Die regverdige man neem die lewe van sy dier in ag, maar die omgee van die bose word onderdruk.
- 11 Hy wat sy land bewerk, sal versadig wees met brood, maar hy wat nietighede najaag, het gebrek aan insig.
- 12 Die bose begeer om boos te doen, maar die wortel van die regverdiges sal uitspruit.
- 13 Die bose word gevang deur die rebellie van sy lippe, maar die regverdige sal uit die moeilikheid kom.
- 14 'n Goeie man sal versadig word deur die goedheid van sy mond en die beloning van 'n man se hande, sal aan hom gegee word.
- 15 Die lewenswyse van 'n dwaas is reg in sy eie oë, maar hy wat na raad luister en dit doen is wys.
- 16 Die dwaas se woede is gou bekend, maar die skrandere man verberg sy skande.
- 17 'n Regverdige man praat die waarheid soos dit duidelik is, maar 'n valse getuie is bedrieglik.
- 18 Daar is hulle wie se woorde soos die steek van 'n swaard is, maar die tong van die wyse genees.
- 19 Lippe van waarheid gaan reguit vorentoe, maar die tong van 'n leuenagtige getuie is boos.
- 20 Bedrog is in die verstand, wil en emosie van die bose wat boosheid beplan, maar die wat raad gee oor vrede sal vreugde hê.
- 21 'n Bedrieglike ding is nie goed in die oë van die regverdige nie, maar die bose is vol boosheid.
- 22 Leuenagtige lippe is vir וְהוֹדוּ verwerplik, maar hulle wat getrou optree, is Sy vreugde.
- 23 'n Skrandere mens is die sitplek van kennis, maar die verstand, wil en emosie van die dwase verkondig boosheid.
- 24 Die hand van die hardwerkendes sal heers, maar die bedrieglike sal moet betaal.
- 25 'n Vreesagtige woord bekommer 'n mens se verstand, wil en emosie, maar 'n goeie woord maak dit bly.

- 26 Die regverdige gee goeie raad vir sy buurman, maar die lewenswyse van die bose sal hulle laat afdwaal.
- 27 Die bedrieglike man sal nie sy prooi vind nie, maar die skat van die hardwerkende man is kosbaar.
- 28 Op die pad van onpartydige opregtheid is lewe, maar die pad van vyandigheid lei na die dood.
- 13** 1 'n Wyse seun luister na die dissipline van sy vader, maar 'n bose seun luister nie na berisping nie.
- 2 'n Goeie man sal tevrede wees met die vrug van sy mond, maar die lewens van die bose sal tot niet gaan.
- 3 Hy wat sy mond bewaak, bewaar sy lewe; hy wat te veel praat sal verwoesting op homself bring.
- 4 Die luiard begeer voortdurend, maar die lewe van die vlytiges sal verryk word.
- 5 Die regverdige haat leuentaai, maar die bose is veragtelik en sal beskaam word.
- 6 Onpartydige opregtheid bewaar die een wat opreg is in sy lewenswandel, maar boosheid werp die sonderling omver.
- 7 Daar is sommiges wat voorgee om ryk te wees, tog het hul niks nie; daar is ander wat voorgee om arm te wees, tog het hul groot rykdom.
- 8 Die losprys vir die lewe van 'n man is sy rykdom, maar die arme luister nie na teregwysing nie.
- 9 Die lig van die regverdige sal hom verheug, maar die lamp van die bose sal uitgesit word.
- 10 Die bose man doen skandelijke dinge, maar by die goed-ingeligte is wysheid.
- 11 Rykdom wat onregverdig verkry is, sal minder word, maar hy wat regverdig invorder sal sy rykdom vermeerder.
- 12 Geseënd is die man wat gewillig is om te help; hy is meer geseënd as hy wat in verwagting rus; soos 'n boom van lewe dra hy vrugte. ^{Ps 1}
- 13 Hy wat raad verag, sal daardeur vernietig word, maar hy wat die opdragte respekvol vrees sal gespaar word. Die bedrieglike man sal nie voordeel trek nie, maar 'n wyse man, wie se werke goed is, sal voorspoedig wees.
- 14 Die wet van die wyse is 'n fontein van lewe vir die wat weegloep van die strikke van die dood. ^{Spr 14:27}
- 15 'n Goeie insig bring onverdiende guns, maar die lewenswyse van oortreders lei na vernietiging.
- 16 Elke skander persoon handel wys, maar 'n dwaas praat dwaasheid.
- 17 'n Bose boodskapper val in boosheid, maar 'n betroubare ambassadeur is 'n geneesheer.
- 18 Armoede en skande is vir hom wat dissipline verwerp, maar hy wat teregwysing ag, sal geëer word. ^{Heb 12:11}
- 19 'n Eerbare begeerte is soet vir die lewe, maar die verwerplikhede van die bose is ver van kennis af.
- 20 Hy wat saam met die wyses loop, sal wys wees, maar die metgesel van dwase sal skade ly.

- 21 Boosheid agtervolg sondaars, maar aan die regverdiges sal goed terugbetaal word.
- 22 'n Goeie man laat 'n erfposisie na aan sy kinders se kinders en die rykdom van die sondaar word vir die regverdige weggebêre. ^{Yes 23:18}
- 23 Die wat nie die manier van die lewe verstaan nie, word deur rykdom vernietig, ja, baie is volkome vernietig.
- 24 Hy wat sy lat spaar, haat sy seun, maar hy wat sy seun lief het, dissiplineer hom behoorlik. ^{Heb 12:5-11}
- 25 Die regverdige eet en is versadig, maar die maag van die goddelose het behoefte.
- 14** 1 'n Wyse vrou bou haar huis, maar die dwase breek dit met haar eie hande af.
- 2 Hy wat in opregtheid lewe, vrees יהוה respekvol, maar hy wat pervers is in sy lewenswandel, verag Hom.
- 3 In die mond van die dwaas is uittarting en oneer, maar die lippe van die wyse sal hom bewaar.
- 4 Waar daar geen beeste is nie, is die krippe skoon, maar deur die krag van die os kom oorvloedige oeste.
- 5 'n Betroubare getuie sal nie bedrieg nie, maar 'n valse getuie sal leuens vertel.
- 6 Die bose man soek wysheid en kry dit nie, maar kennis is maklik vir die man van insig.
- 7 Alles is 'n hindernis vir 'n dwase man, maar die lippe van die wyse man is soos 'n wapen.
- 8 Die wysheid van die skrandere is om sy lewenswyse te verstaan, maar die lewenswyse van dwase is bedrog.
- 9 Waarlik, die huise van die dwase benodig reiniging, maar die huishouding van die regverdiges is aanvaarbaar.
- 10 Dwase doen sonde, maar die seuns van die opregte het welwillendheid.
- 11 Die verstand, wil en emosie wat insig het, ken sy eie bitterheid en 'n vreemdeling deel nie in sy vreugde nie. Die huis van die bose sal vernietig word, maar die tent van die opregte sal floreer.
- 12 Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is die lewenswyse van die dood,
- 13 selfs onder gelag is die verstand, wil en emosie vol pyn en die einde van blydskap is depressie.
- 14 Die parmantige in verstand, wil en emosie sal versadig word met die vrug van sy lewenswyse en die goeie man sal tevrede wees met die respek wat hy ontvang.
- 15 Die eenvoudige vertrou elke woord, maar die skrandere onderskei tussen goed en boos.
- 16 Die wyse man is versigtig en gaan weg van boosheid, maar die dwaas peuter daarmee met selfvertroue.
- 17 'n Man, haastig in alles wat hy doen, soek nooit raad nie, maar 'n wyse man is gematig.
- 18 Dwase erf dwaasheid, maar die skranderes deel kennis uit.
- 19 Bose manne sal plat neerbuig voor die goeies en die bose sal kom om te bedel by die poorte van die regverdige.

- 20 Die arme word selfs deur sy eie naaste gehaat, maar die rykes het baie vriende.
- 21 Wie sy naaste verag, doen sonde, maar hy wat omgee vir die armes, hy is gelukkig.
- 22 Die bose fouteer wanneer hulle boosheid beplan, maar manne van liefdevolle omgee en waarheid, doen allerhande goedheid. Die werkers van boosheid verstaan nie die waarheid en onverdiende guns nie; liefdevolle goedheid en waarheid is by die werkers van die goeie.
- 23 In al jou werke is daar wins, maar hy wat jonk is, is sonder sorg en op sy gemak. יְהוָה genees elke wond, maar die praat van die lippe van die dwaas neig net na armoede.
- 24 Die kroon van die wyse is hulle rykdom, maar die boosheid van die dwase is hul verstandeloosheid.
- 25 'n Ware getuie bevry lewens, maar 'n bedrieglike getuie praat valsheid.
- 26 In respekvolle vrees vir יְהוָה lê 'n sterk versekerdheid en sy kinders sal 'n plek van skuiling hê.
- 27 Respekvolle vrees vir יְהוָה is 'n fontein van lewe vir hulle wat wegdraai van die strikke van die dood. ^{Spr 13:14}
- 28 In die menigte van die bevolking is die eer van die koning, maar in die vernietiging van die mense is die ondergang van die koning.
- 29 Hy wat stadig is om kwaad te word, het groot insig, maar hy wat kort van humeur is, is uitsonderlik dwaas.
- 30 Hy wat sy woede afkoel, is 'n geneesheer van sy eie verstand, wil en emosie, maar woede is die verrotting van die gebeente.
- 31 Hy wat die arme onderdruk, tart sy Maker, maar hy wat יְהוָה eer, het onverdiende guns vir die behoeftiges.
- 32 Die bose word deur sy boosheid omvergewerp, maar hy wat oortuig is dat hy sonder sonde is, is 'n regverdige man. ^{1 Yog 1:7; 3:3-7}
- 33 Wysheid sal rus in die verstand, wil en emosie van die regverdige, maar in die verstand, wil en emosie van dwase sal dit nie bekend gemaak word nie.
- 34 Onpartydige opregtheid verhoog 'n volk, maar sonde is 'n bespotting vir enige nasie.
- 35 Die koning se guns is tot 'n wyse dienskneg, maar die bose sal omvergewerp word deur sy eie planne. Woede vernietig selfs wyse manne.
- 15** 1 'n Sagte antwoord draai die woede weg, maar 'n harde woord wek woede op.
- 2 Die tong van die wyse gebruik kennis reg, maar die mond van dwase spoeg vloekte uit.
- 3 Die oë van יְהוָה is op elke plek en let op na die slegtes en die goeies.
- 4 'n Helende tong is 'n boom van lewe en hy wat van sy vrugte eet sal daardeur gevul word.
- 5 Die dwaas verag die dissipline van sy vader, maar hy wat op die teregwyding ag gee, is wys.
- 6 In die huis van die regverdige is groot krag, maar die oes van die bose sal vernietig word.

- 7 Die lippe van die wyse uiter kennis, maar die verstand, wil en emosie van die dwase is nie opreg nie.
- 8 Die offers van die bose is verwerplik vir יְהוָה, maar die gebed van die opregtes is Sy vreugde.
- 9 Die lewenswyse van die bose is 'n verwerplikheid vir יְהוָה, maar Hy het hom lief wat onpartydige opregtheid navolg.
- 10 Die tugtiging van die wat nie boosheid erken nie is bekend, maar hy wat teregwysing haat, sal sterf.
- 11 Sh'ol en vernietiging is voor יְהוָה, hoeveel te meer nie die verstand, wil en emosie van die mens nie!
- 12 Die bose man hou nie van een wat hom bestraf nie en hy sal ook nie saam met die wyse loop nie.
- 13 'n Vrolike verstand wil en emosie maak 'n blymoedige gesig, maar deur smart van die verstand, wil en emosie is die gees gebroke.
- 14 Die verstand wil en emosie van die regverdige soek kennis, maar die mond van die dwase uiter boosheid.
- 15 Al die dae van die arme is gevul met probleme, maar hulle wat 'n blymoedige verstand, wil en emosie het, het 'n voortdurende rustigheid.
- 16 'n Klein bietjie, saam met respekvolle vrees vir יְהוָה, is beter as die groot skatte van die bose.
- 17 'n Ete van groente waar liefde is, is beter as 'n vetgevoerde bees saam met haat.
- 18 'n Humeurige man verwek twis, maar hy wat stadig is om kwaad te word, bring vrede in 'n stryery.
- 19 Die lewenswyse van die luiaard is vol dorings, maar die pad van die opregtes is eenvoudig.
- 20 'n Wyse seun maak sy vader gelukkig, maar 'n dwase seun is 'n vernedering vir sy moeder.
- 21 'n Dwase man het 'n gebrek aan insig, maar 'n man van insig leef opreg.
- 22 Hulle wat onverdiende respek vir raadgewing het, faal om die doel daarvan te waardeer, maar deur die veelheid van raadgewers, word die raad bevestig.
- 23 'n Man se vreugde word openbaar deur die woorde van sy mond en hoe goed is dit vir hom wat op die regte tyd praat!
- 24 Die pad van die lewe gaan opwaarts vir die wyse sodat hy mag wegkom van die dieptes van Sh'ol.
- 25 יְהוָה sal die huis van die trotsaards vernietig, maar Hy sal die besittings van die weduwee verseker.
- 26 Bose gedagtes is verwerplik vir יְהוָה, maar suiwer woorde is vir Hom aangenaam.
- 27 Hy wat omkoopgeld aanvaar, vernietig sy eie lewe, maar hy wat omkoop haat, sal lewe.
- 28 Die verstand, wil en emosie van die regverdige oordink in waarheid, maar uit die mond van die bose stroom bose dinge.
- 29 יְהוָה is ver van die bose, maar Hy hoor die gebed van die regverdiges.
- 30 Die lig van die oë verbly die binneste en 'n goeie tyding maak die gebeente vet.
- 31 Die oor wat teregwysing tot die lewe hoor en dit doen, vertoef onder die wyses.

32 Hy wat teregwysing verwerp, verag sy eie lewe, maar hy wat luister na teregwysing, verkry wysheid.

33 Respekvolle vrees vir יְהוָה is die teregwysing van lewe en die lof en eer van die nederige gaan voor hom uit. ^{Heb 12:5-11}

16 1 Die redevoering van die verstand is van die mens, maar die antwoord van die tong kom van יְהוָה. ^{Mat 10:19}

2 Al die lewenswyses van 'n man is suiwer in sy eie oë, maar יְהוָה toets die gees.

3 Vertrou jou dade aan יְהוָה toe, dan sal Hy jou planne vestig.

4 יְהוָה het alles gemaak vir die doel van hulle wat na Hom luister, maar die bose word gehou vir die dag van katastrofe.

5 Elkeen wat trots is in sy verstand, wil en emosie, is verwerplik vir יְהוָה en alhoewel hy hand in hand met sy naaste gaan, sal hy nie verskoon word nie as gevolg van hierdie boosheid.

6 Deur liefdevolle goedheid en waarheid word morele boosheid gereinig en respekvolle vrees vir יְהוָה laat mense afwyk van boosheid.

7 Wanneer 'n man se lewenswyse volgens יְהוָה se wil is, sal hy selfs met sy vyande regmaak.

8 Eerder 'n bietjie, saam met onpartydige opregtheid, as 'n groot opbrengs, onregverdig ingebring.

9 Die verstand, wil en emosie van die mens beplan sy lewenswyse, maar יְהוָה vestig sy voetstappe.

10 Goddelike openbaring is op die lippe van die koning; sy mond oortree nie in oordeel nie.

11 יְהוָה se oordeel is die gewig van 'n regverdige weegskaal; al Sy werke is regverdige gewigte.

12 Konings wat moreel oortree, is verwerplik, want 'n troon word gevestig deur onpartydige opregtheid.

13 Die lippe van 'n onpartydige en opregte man is 'n vreugde vir die koning en hy het die woorde van die opregte lief.

14 Die woede van die koning is soos boodskappers van die dood, maar 'n wyse man sal dit tot bedaring bring.

15 In die lig van die gesig van die koning is lewe en sy guns is soos 'n wolk van die vroeë reëns.

16 Om wysheid te verkry, is baie beter as goud en om insig te verkry, beter as silwer.

17 Die pad van die opregtes veroorsaak dat jy wegdraai van boosheid; hy wat versigtig is vir sy lewe, beskerm sy lewenswyse.

18 Arrogansie kom voor verwoesting en trots kom voor die katastrofe.

19 Dit is beter om nederig en sonder trots te wees as hy wat buit verdeel saam met die magtiges.

20 Hy wat 'n opdrag verstaan, sal die goeie vind; gelukkig is hy wat op יְהוָה vertrou.

21 Die wyse van verstand, wil en emosie, is 'n man van onderskeiding en hy wie se spraak soet is, vermeerder lering.

- 22 Insig is 'n fontein van die lewe vir die wat dit het, maar die tugtiging van die dwase is leeg.
 - 23 Die verstand, wil en emosie van die wyse verstaan die woorde van sy mond en voeg lering by sy lippe.
 - 24 Die woorde van 'n wyse man is soos 'n heuningkoek: soet vir die lewe en 'n gesondheid vir die gebeente.
 - 25 Daar is 'n lewenswyse wat reg lyk in die oë van 'n mens, maar die einde daarvan is die pad van die dood.
 - 26 'n Smartlike persoon maak homself droewig; sy vernietiging kom uit sy eie mond.
 - 27 'n Waardelose mens beplan boosheid; uit sy mond kom 'n brandende vuur.
 - 28 'n Bose man bedreig wat reg is en vervolg sy naaste sonder rede.
 - 29 'n Bose man verlei sy naaste en lei hom op 'n lewenswyse wat nie goed is nie.
 - 30 Hy knip sy oë en beplan korrupte dinge; ^{Spr 6:13} hy spreek sy doel uit en doen boosheid.
 - 31 Hoë ouderdom is 'n mooi kroon wat oor die pad van onpartydige opregtheid verhoog word.
 - 32 Hy wat stadig is om kwaad te word, is beter as die magtiges en hy wat sy gees beheer, as hy wat 'n stad inneem.
 - 33 Die boosheid van die wrede val in sy eie skoot en sy oordeel kom vanaf die Teenwoordigheid van יהוה.
- 17** 1 'n Stuk droë brood en rustigheid daarby is beter as 'n huis vol feesmaaltye met getwis.
- 2 'n Wyse dienskneg sal heers oor 'n seun wat skande maak en sal die erfenis deel saam met die broers.
 - 3 Die smeltkroes is vir silwer en die oond vir goud, maar יהוה toets die binneste.
 - 4 Die bose luister vir valse lippe, maar die regverdige luister nie na die tong van gewelddadige manne nie.
 - 5 Hy wat met die arme spot, tart sy Maker; hy wat bly is oor 'n katastrofe, sal nie vergewe word nie.
 - 6 Kinders se kinders is die kroon vir ou manne en die lof en eer van die kinders is hulle vader. ^{Spr 23:15,16}
 - 7 Uitstekende taal pas nie by 'n dwaas nie en ook nie leuentaal by 'n regverdige nie!
 - 8 'n Kosbare edelgesteente is mooi in die oë van sy besitter; oral waar dit gaan word dit bewonder.
 - 9 Hy wat 'n oortreding vergeet, soek vriendskap, maar hy wat dit haat om 'n oortreding te vergeet, vervreem homself van 'n vriend en naaste.
 - 10 'n Berisping breek die binneste van die wyse; die dwaas ontvang straf, maar besef dit nie.
 - 11 Die twisgierige soek moeilikheid; daarom sal 'n wrede boodskapper teen hom gestuur word.
 - 12 Bepeinsing en respekvolle vrees pas by 'n wyse man, maar 'n dwaas bepeins sy sinnelose boosheid.

- 13 Hy wat goed met boosheid vergeld, die boosheid sal nie uit sy huis wyk nie.
14 Hy wat bloed vergiet, maak oordeel wakker voor die heerser.
15 Beide hy wat die bose regverdig verklaar en hy wat die regverdige veroordeel, is verwerplik voor יהוה.
16 Wat is die waarde van rykdom in die besit van die dwaas wat geen begeerte het om wysheid te bekom nie?
17 'n Vriend het te alle tye lief, maar 'n broer word gebore vir teëstand.
18 'n Dwase mens bied homself aan as borg, want hy word versekering vir sy naaste.
19 Hy wat oortreding lief het, het bedrog en twis lief en hy wat homself verhoog, soek vernietiging.
20 Hy wat in sy verstand, wil en emosie sleg praat, sal nie die goeie vind nie; hy wat 'n bose tong het, verval in boosheid.
21 Hy wat 'n dwaas verwek, doen dit tot sy eie skande; sy vader sal geen vreugde in hom hê nie.
22 'n Vrolike binneste maak die liggaam gesond, maar 'n gebroke gees droog die gebeente uit.
23 Hy wat omkoopgeld aanvaar is boos, want hy verdraai hoe die regverdige oordeel werk.
24 Die gesig van die man van insig, is na wysheid, maar die oë van die dwaas na die dieptes van die aarde gedraai.
25 'n Dwase seun tart sy vader en is bitterheid vir haar wat geboorte aan hom gegee het.
26 Om die regverdige te straf of om die regverdige man, wat die waarheid praat, te slaan, is nie goed nie.
27 Hy wat sy woorde spaar, besit kennis en hy wat geduldig is, is 'n wyse man.
28 Selfs 'n dwaas, wanneer hy stilbly, word as wys beskou en hy wat sy lippe toehou, as 'n man van insig.
- 18** 1 Wanneer 'n man onaktief is, bedink hy begeertes en bespot goeie instruksies.
2 Die dwaas het geen vreugde in wysheid nie, maar sy gedagtes beplan nietighede.
3 Wanneer die bose die dieptes van boosheid bereik, kom nietigheid, minagting, oneer en skande oor hom.
4 Die woorde van 'n man se mond is soos diep waters en die fontein van wysheid soos 'n vloeiende stroom.
5 Dit is nie goed om die persoon van die bose te respekteer nie en ook nie om regverdige oordeel te verdraai teen die regverdige nie.
6 Die lippe van die dwaas kom in twis en sy mond bring hom by die dood.
7 Die mond van die dwaas is sy vernietiging en sy lippe is die strik vir sy lewe.
8 Die woorde van die skinderaar bring vir hom boosheid en veroorsaak dat hy in die binnekamers van Sh'ol afgaan.
9 Hy wat slap is in sy werk, is die broer van die vernietiger.
10 Die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה is 'n sterk toring; die regverdige en magtige hardloop daarin.
11 Die rykdom van die ryke is sy sterk stad en sy blyplek is omhein deur 'n sterk muur.

- 12 Voor vernietiging is die mens se verstand, wil en emosie hoogmoedig, maar voor eer is nederigheid.
- 13 Hy wat 'n antwoord gee voordat hy gehoor het, is 'n dwaas en nikswerd.
- 14 Die gees van 'n man sal sy lyding deurstaan, maar 'n gebroke gees, wie kan dit oplig?
- 15 Die verstand, wil en emosie van die man met insig, verkry wysheid en die oor van die wyse luister na kennis.
- 16 'n Man se geskenke maak vir hom ruimte en bring hom in die teenwoordigheid van groot manne. Spr 21:14
- 17 Hy wat eerste praat, word onskuldig beskou in sy hofspraak, maar as sy naaste kom, ondersoek hy hom deeglik.
- 18 Om die lot te werp laat stryd ophou en besluit tussen magtige manne.
- 19 'n Broer wat deur sy broer gehelp word, is soos 'n stad wat deur sy versterkings gehelp word en sy helpers is soos die wering van 'n paleis.
- 20 'n Man se maag sal versadig word deur die vrug van sy mond en deur die vrug van sy lippe sal hy vol gemaak word.
- 21 Dood en lewe is in die mag van die tong en hulle wat dit lief het, sal die vrug daarvan eet. Ya'a 3:2
- 22 Hy wat 'n goeie vrou vind, vind iets goeds en verkry guns van יהוה. Hy wat 'n goeie vrou uitsit uit sy huis, sit die goeie uit sy huis.
- 23 Die arme praat nederig, maar die ryke praat van groot dinge.
- 24 Daar is vriende wat maar net vriende is en daar is 'n vriend wat vaster is as 'n broer.
- 19** 1 Die arm man wat in sy integriteit leef, is beter as 'n ryk man wat in boosheid leef.
- 2 Hy wat nie kennis van sy eie lewe het nie, dit is nie goed vir hom nie en hy wat haastig is met sy voete, sondig.
- 3 Die dwaasheid van 'n man bederf sy lewe, hy word in sy binneste kwaad vir יהוה.
- 4 Rykdom maak baie vriende, maar die arm man word deur sy vriende in die steek gelaat.
- 5 'n Valse getuie sal nie ongestraf bly nie en hy wat leuens praat, sal nie vrykom nie.
- 6 Baie dien in die teenwoordigheid van 'n prins, hy gee selfs geskenke vir die wat boos is.
- 7 Al die broers van die arme haat hom; ook sy vriende gaan ver van hom af weg! Hy wat moeilikheid maak met sy woorde is oneg!
- 8 Hy wat wysheid verkry, het sy eie lewe lief; hy wat insig bewaar, sal die goeie vind.
- 9 'n Valse getuie bly nie ongestraf nie en hy wat leuens praat, word vernietig.
- 10 Om in luuksheid te leef, pas nie by 'n dwaas nie; nog minder is dit paslik vir 'n diensknecht om oor prinse te heers!
- 11 Die intelligensie van 'n mens stel sy woede uit en sy eer is om oortredinge verby te gaan.

- 12 Die koning se woede is soos die gebrul van 'n leeu, maar sy guns is soos dou op die plante.
- 13 'n Dwase seun is 'n oneer vir sy vader en die stryery van 'n vrou is soos 'n aanhoudende gedrup.
- 14 Huis en rykdom is die erfenis vanaf die vaders, maar 'n vrou word aan die man gegee vanaf יְהוָה.
- 15 Luiheid laat jou in 'n diep slaap val en 'n trotse man sal honger ly.
- 16 Hy wat die opdragte uitvoer, bewaar sy eie lewe, maar hy wat die regte lewenswyse verwerp, sal sterf.
- 17 Hy wat omgee vir die armes, is 'n metgesel van יְהוָה en hy sal beloon word volgens sy dade. ^{Ya'a 1:27}
- 18 Tugtig jou seun terwyl daar hoop is en laat jou lewe nie sy oneer deel nie.
- 19 'n Man van groot woede sal skade ly; hoe meer vyandig hy is hoe meer vergroot hy sy las.
- 20 Luister na raad en neem dissipline aan sodat jy wys kan wees in jou lewenswyse.
- 21 Daar is baie planne in 'n man se verstand, nogtans sal die raad van יְהוָה vasstaan.
- 22 Die begeerte van 'n mens is om goed te doen en 'n arm man is beter as 'n ryk man wat lieg.
- 23 Respekvolle vrees vir יְהוָה lei tot lewe en hy wat daarmee tevrede is, sal voortbestaan, hy sal nie besoek word deur boosheid nie.
- 24 Die luiaard steek sy hande weg binne sy kleed en sal nie eens weer probeer om hulle na sy mond te bring nie.
- 25 Wanneer 'n bose persoon geslaan word, neem die wyse kennis en wanneer 'n wyse tereg gewys word, sal hy insig verkry.
- 26 Hy wat sy vader plunder en sy moeder teleurstel, is 'n seun wat skande veroorsaak en bespotting bring.
- 27 Wag, my seun en gee ag op dissipline en moenie die woorde van kennis vergeet nie.
- 28 'n Deugniet wat getuig, spot met die reg; die mond van die bose verslind hom.
- 29 Oordeel word voorberei vir hulle wat spot met die regverdige oordeel en slae vir dwase mense.
- 20** 1 Wyn is moeilikheid en dronkenskap is skandelik en wie ook al oormatig drink, is nie wys nie. ^{Spr 23:30}
- 2 Die woede van 'n koning is soos die gebrul van 'n leeu; hy wat hom tot woede tart, sondig teen sy eie lewe.
- 3 Dit is 'n eer vir 'n man om op te hou met twis, maar elke dwaas sal homself daarin verheug.
- 4 Wanneer die luiaard bestraf word, sal hy nie ophou nie; daarom sal hy tydens oestyd bedel, maar sal selfs nie water ontvang nie.
- 5 Die raad in 'n koning se verstand is diep, maar 'n wyse man sal dit uittrek.
- 6 Baie mense word as goedgunstig beskou, maar wie kan 'n betroubare man vind?
- 7 Die regverdige man lewe in sy integriteit; geseënd is sy kinders na hom.
- 8 'n Koning wat op die regterstoel sit, jaag alle boosheid van voor hom weg.

- 9 Wie kan sê: “Ek het my verstand, wil en emosie skoongemaak, ek is rein van my sondes”? ^{1 Yeg 1:8}
- 10 Wisselende gewigte en wisselende mates, beide is verwerplik in die Teenwoordigheid van יְהוָה. ^{Lev 19:35-37; Spr 20:23}
- 11 Selfs 'n jongman word geken deur sy dade, of hulle suiwer is en of hulle reg is. ^{Ps 119:9}
- 12 'n Oor wat hoor en 'n oog wat sien; יְהוָה het hulle albei gemaak.
- 13 Moenie die slaap liefhê sodat jy arm word nie; maak jou oë oop en jy sal met brood versadig word.
- 14 “Dit is niks, dit is niks,” sê die koper en gaan dan weg en roem.
- 15 Weer sê hy: “Hier is goud en 'n menigte kosbare stene en kosbare houters,” maar die lippe van kennis is kosbare juwele.
- 16 Neem die kleed van hom wat borg staan vir 'n vreemdeling en vat dit as borg vir 'n vreemdeling.
- 17 Hy wat borg staan vir 'n man deur onregverdige wins, sal agterna sy mond vol gruisklippies kry. ^{Spr 6:1,2; 11:15; 17:18}
- 18 'n Goeie plan word gevestig deur beraadslaging, maar deur uittarting word oorlog gemaak.
- 19 Hy wat 'n geheim openbaar, veroorsaak stories; moet daarom nie meng met hom wat gou met sy lippe is nie.
- 20 Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp sal geblus word.
- 21 'n Erfenis wat aan die begin haastig verkry is, sal nie teen die einde geseënd wees nie.
- 22 Moenie sê: “Ek sal boosheid terugbetaal,” nie, maar wag op יְהוָה dat Hy jou kan help.
- 23 Wisselende gewigte is verwerplik in die Teenwoordigheid van יְהוָה en vals weegskale is nie goed nie. ^{Lev 19:35-37; Spr 20:10}
- 24 'n Man se voetstappe word deur יְהוָה gerig; wie is die man dan, wat sy eie lewenswyse kan rig?
- 25 Dit is 'n strik vir die man wat belowe het om iets vir 'n afgesonderde plek te gee en dan agterna spyt is.
- 26 'n Wyse koning verstrooi die bose en vermorsel hulle onder die wiel.
- 27 Die gees van die mens is 'n lamp van יְהוָה, wat die dieptes van die innerlike deursoek.
- 28 Liefdevolle goedheid en waarheid beskerm 'n koning en sy troon word gevestig deur goedheid.
- 29 Die versiering van die jongmanne is hulle krag en die prag van ou manne is hulle grys hare.
- 30 Ellende en foltering val op bose manne en houe slaan die binnekant van hulle liggame.
- 21 ¹ Soos strome water is die verstand, wil en emosie van die koning in die hand van יְהוָה: Hy draai dit waarheen Hy wil. ^{Iyov 36:7; Dan 4:17}
- 2 Elke lewenswyse van 'n mens is reg in sy eie oë, maar יְהוָה korrigeer die verstand, wil en emosie.

- 3 Hy wat onpartydige opregtheid doen, is meer aanvaarbaar vir יהוה^{1 Sh'm 15:22} as hy wat 'n offer bring.
- 4 Hoogmoedige oë, 'n trotse verstand, wil en emosie en die vrug van die bose is sonde.
- 5 Die planne van die vlytige neig na oorfloed, maar dié van bose manne bring gebrek.
- 6 Die verkryging van skatte deur 'n leuenagtige tong sal vernietiging bring en die dood vir hulle wat dit soek.
- 7 Die vernietiging van die bose sal oor hulle kom, want hulle het geweier om regverdig te oordeel.
- 8 Hy wat sy eie pad verdraai tree snaaks op, maar die werke van hom wat rein is, is reg.
- 9 Dit is beter om alleen op die hoek van 'n dak te bly as by 'n twisgierige vrou in 'n groot huis.
- 10 Die lewe van 'n bose man is weggesteek vir sy naaste se oë.
- 11 Wanneer die bose skade kry, word selfs die eenvoudige wys, maar 'n wyse ontvang kennis deur sy eie raad.
- 12 Die regverdige man verstaan wyslik die verstand, wil en emosie van die bose en hy gooi die bose in hulle booshede.
- 13 Hy wat sy oor toemaak vir die uitroep van die arme, sal self ook uitroep tot God, maar Hy sal hom nie antwoord nie.
- 14 'n Geskenk in die geheim bring die woede tot bedaring, maar hy wat spaarsamig is met sy geskenke wek woede op.^{Spr 18:16}
- 15 Dit is 'n vreugde vir die regverdige om regverdig te oordeel, maar vernietiging vir die werkers van boosheid.
- 16 'n Mens wat afdwaal van die pad van insig, sal in die vergadering van die dooies rus.
- 17 Hy wat rykdom kortkom en steeds van onthale, wyn en plesiere hou, sal nie ryk word nie.
- 18 Die bose sal as losprys vir die regverdige gegee word en die bedrieglike in die plek van die opregtes.
- 19 Dit is beter om in die wildernis te bly as by 'n twisgierige en woedende vrou.
- 20 'n Begeerlike skat en salfolie is in die huis van die wyse, maar 'n dwaas bring dit deur.
- 21 Hy wat soek na onpartydige opregtheid en liefdevolle goedheid, sal lewe, onpartydige opregtheid en eer vind.
- 22 Die wyse breek deur die verdediging van die stad van die magtiges en oorwin die vesting waarop hulle vertrou.
- 23 Hy wat sy mond en sy tong inhou, hou homself uit die moeilikheid.^{Ya'a 1:26}
- 24 In sy woede pleeg 'n oorhaastige en trotse man onregverdigheid.
- 25 Die begeertes van die luiaard maak hom dood, want sy hande weier om te werk;
- 26 die hele dag deur begeer hy gretiglik, maar die regverdige gee en hou nie terug nie.
- 27 Die offer van die bose is verwerplik, want hulle bring dit op 'n onregverdige wyse.

- 28 'n Valse getuie sal omkom, maar 'n gehoorsame man praat die waarheid.
- 29 Die gesig van die bose is onbeskaamd, maar hy wat opreg is, verander sy lewenswyse.
- 30 Daar is geen wysheid, insig of raad, soos dié van יְהוָה nie.
- 31 Die perd kan voorberei word vir die dag van die geveg, maar die verlossing is van יְהוָה. ^{Ps 20:8}
- 22** 1 'n Goeie naam (karakter en outoriteit) is beter as groot rykdom en onverdiende guns as silwer en goud.
- 2 Rykes en armes kom saam, יְהוָה het hulle albei gemaak.
- 3 'n Slim mens sien dat 'n bose geslaan word en word daardeur geleer, maar dwase gaan verby en kry skade.
- 4 Die gevolg van nederigheid is die respekvolle vrees vir יְהוָה, rykdom, eer en die lewe.
- 5 Strikke en vangnette lê op 'n verdraaide pad; hy wat sy lewe beskerm sal ver van hulle af weg wees.
- 6 Voed 'n kind op volgens die pad wat hy moet gaan en wanneer hy oud word, sal hy nie daarvan afwyk nie.
- 7 Die armes sal heers oor die rykes en die dienskneg sal leen aan sy vorige lener.
- 8 Wie onregverdigheid saai, sal bedrog maai en die staf van sy woede sal verbreek word.
- 9 Hy wat 'n goeie oog het (vrygewig is), sal geseënd wees, want hy gee van sy kos vir die armes. ^{2 Kor 9:7}
- 10 Vernietig boosheid, gooi twis uit, raak ontslae van stryd en spot, anders sit hulle in die vergadering en spot almal teenwoordig.
- 11 יְהוָה het hom lief wat rein van verstand, wil en emosie is en bewys goedheid aan sy lippe en die koning is sy vriend.
- 12 Die oë van יְהוָה bewaar kennis en vernietig die woorde van bedrog.
- 13 Wanneer hy gestuur word, sê die luiaard: "Daar is 'n leeu op die pad en let op, daar is moord in die strate!"
- 14 Die mond van 'n vreemde vrou is 'n diep put; hy vir wie יְהוָה kwaad is, sal daarin val.
- 15 Dwaasheid beweeg die verstand, wil en emosie van 'n kind, maar die lat van tug sal dit ver van hom af wegdryf.
- 16 Hy wat die arme onderdruk, voeg by sy boosheid en hy wat aan die rykes gee, sal verlies ly.
- 17 Draai jou oor en luister na die woorde van die wyse en neem my kennis op in jou verstand,
- 18 want beide is aangenaam, hou dit binne-in jou; laat hulle saam gereedgemaak word op jou lippe.
- 19 Sodat jou vertrouwe in יְהוָה mag wees, het ek hierdie dinge vandag aan jou bekend gemaak. Ja, aan jou.
- 20 Let op, dit is die derde keer dat ek die spreuke vir jou skryf

- 21 sodat ek aan jou raadgewing en kennis, vrede en die woorde van waarheid kan leer
sodat jy woorde van waarheid kan antwoord aan hom wat na jou toe stuur.
- 22 Moenie die arme onderdruk omdat hy arm is nie en onderdruk nie die behoeftige
in die poort nie,
- 23 want יְהוָה sal hulle saak verdedig en die onreg vergeld wat aan hulle gedoen is.
- 24 Moenie vriende maak met 'n toernagtige man en met 'n man wat gou kwaad word,
moet jy nie saamgaan nie
- 25 sodat jy nie sy lewenswyse kan leer en 'n struikelblok vir jou lewe vind nie.
- 26 Moenie borg staan vir 'n skuld net omdat jy te skaam is om die wat jou vra af te
wys nie,
- 27 want as jy niks het om te betaal nie, sal hulle jou bed onder jou uitvat.
- 28 Moenie die ou grenslyne wat jou vaders gemaak het, verwyder nie.
- 29 Wanneer jy sien dat 'n man vaardig is in sy werk, sal hy voor konings staan, hy sal
nie voor onbenulliges staan nie.

- 23** 1 Wanneer jy sit om saam met 'n heerser te eet, let noukeurig op wat voor jou
opgedien word
- 2 dat jy nie gif in jou mond sou sit nie. As jy 'n man met 'n uitermatige eetlus is,
- 3 moenie sy kos begeer nie, want sy brood is brood van bedrog.
- 4 Moenie argumenteer met 'n ryk man nie, maar bly wyslik van hom af weg, ^{1 Tim 6:9}
- 5 want as jy jou oë op hom sou vestig, kan jy hom nie sien nie, want hy maak vir
homself vlerke soos die arend en vlieg weg in die lug!
- 6 Moenie saam met iemand eet wat 'n bose oog het (suinig is), ^{Mat 6:23} of sy kos begeer
nie,
- 7 want hy is soos een wat pik insluk, net so sal jy saam met hom eet en drink, maar sy
verstand, wil en emosie is nie by jou nie.
- 8 Die stukkie wat jy geëet het, sal jy uitspoeg en jy sal jou soet woorde verloor.
- 9 Moenie in die teenwoordigheid van 'n dwaas praat nie, want hy sal die wysheid van
jou woorde verag.
- 10 Moenie die ou grenslyne verwyder nie, of in die landerye van die vaderlose ingaan
nie,
- 11 want hulle Verlosser is magtig, Hy sal hulle saak teen jou verdedig.
- 12 Draai jou verstand, wil en emosie na dissipline en jou oor na woorde van kennis.
- 13 Moenie tugtiging terughou van die seun nie, want as jy hom slaan, sal hy nie sterf
nie,
- 14 want as jy hom met die lat slaan, sal jy sy lewe uit Sh'ol red.
- 15 My seun, as jou verstand, wil en emosie wys is, sal my verstand, wil en emosie
verheug wees. ^{Spr 17:6}
- 16 Ja, my verstand, wil en emosie sal verheug wees as jy dinge wat reg is, praat.
- 17 Moenie dat jou verstand, wil en emosie die sondaars beny nie, maar vrees יְהוָה die
hele dag lank respekvol,
- 18 want jy sal sekerlik 'n toekoms hê en jou versekerde verwagting sal nie afgesny
word nie.
- 19 Hoor, luister en doen, my seun, wees wys en maak my raad vas in jou verstand.

- 20 Wees nie dronk met wyn nie en wees nie 'n oormatige eter van vleis nie,
 - 21 want die dronkaard en oormatige eter sal arm word en slaperigheid sal 'n man in stukkende klere klee.
 - 22 Luister na jou vader wat jou verwek het en doen dit en moenie jou moeder verag wanneer sy oud is nie.
 - 23 Koop die waarheid en verkoop nie wysheid nie; koop ook insig en dissipline.
 - 24 Die vader van 'n regverdige sal hom baie verheug en hy wat 'n wyse kind verwek het, sal bly wees.
 - 25 Jou vader en jou moeder sal bly wees oor jou en die een wat aan jou geboorte gegee het, sal gelukkig wees.
 - 26 My seun, gee vir my jou verstand, wil en emosie en laat jou oë my lewenswyses beskou,
 - 27 want 'n hoer is 'n diep put en 'n vreemde vrou is 'n nou put.
 - 28 Sy vernietig mans skielik en vermeerder onreg onder die mens.
 - 29 Wie het probleme? Wie het moeilikheid? Wie het teëstand? Wie het harde tye? Wie het wonde sonder oorsaak? Wie het rooi oë?
 - 30 Dié wat lank oor die wyn bly en wat soek na 'n drinkplek. Moenie dronk wees van wyn nie, ^{Spr 20:1} maar gesels met regverdige manne; loop en praat met hulle.
 - 31 Oordink onpartydige opregtheid en moenie kyk na die wyn as dit rooi is in die beker nie,
 - 32 want teen die einde byt dit soos 'n slang en wond dit soos 'n adder.
 - 33 Wanneer jou oë na 'n vreemde vrou kyk, sal jou verstand, wil en emosie pervers optree
 - 34 en jy sal wees soos een wat in die see gaan lê of soos 'n matroos in 'n storm.
 - 35 "Hulle het my geslaan," sal jy sê, "maar ek het nie gely nie; hulle het my gespot, maar ek het dit nie geweet nie; wanneer ek sober wakker word, sal ek gaan en dit weer opsoek."
- 24** 1 Moenie afgunstig wees op bose manne nie en moet ook nie begeer om by hulle te wees nie, ^{Ps 1:1}
- 2 want hulle binneste beplan boosheid en hulle lippe praat van onreg.
 - 3 Deur wysheid word 'n huis gebou en deur insig word dit gevestig
 - 4 en deur kennis word die binneste kamers gevul met allerhande kosbare en aangename rykdom.
 - 5 'n Wyse man is beter as 'n sterk man; ja, 'n man van kennis, as 'n magtige,
 - 6 want deur uittarting word oorlog gemaak; in 'n menigte raadgewings is daar verlossing.
 - 7 Wysheid vergruis die dwaas; hy maak nie sy mond oop in die poort nie.
 - 8 Hy wat beplan om boos te doen, sal boos genoem word.
 - 9 Die gedagtes van die dwaas is sonde en boosheid is 'n verwerplikheid vir die mens.
 - 10 Die bose sal weggedryf word deur boosheid in die dag van pyniging.
 - 11 Bevry hulle wat weggesleep word na die dood en moenie terughou om hulle wat gevange gehou word om doodgemaak te word, los te koop nie!

- 12 As jy sê: “Let op, ons het dit nie geweet nie,” weet dan, dit is God wat die gedagtes toets en sal aan elke man gee volgens sy dade. ^{Ps 62:13; Iyov 34:11; Rom 2:6} Weet dit, dit is Hy wat jou lewe bewaak.
- 13 Eet heuning, my seun, want dit is goed en die heuningkoek, wat soet is vir jou smaak. ^{Ps 119:103}
- 14 So sal wysheid jou lewe vind en jy sal goeie vooruitsigte hê en jou versekerde verwagting sal nie afgesny word nie.
- 15 Moenie planne van onreg maak in die huis van die regverdige nie; moenie sy rusplek bederf nie,
- 16 want die regverdige man val sewe maal en staan weer op, maar die bose val in sy boosheid.
- 17 Moet jou nie verheug wanneer jou vyand val nie en laat jou binneste nie bly wees wanneer hy oorval word nie ^{Rom 12:19}
- 18 dat הוֹרָה dit nie sien en dit Hom nie tevrede stel nie en Hy Sy woede van hom af wegdraai nie.
- 19 Moet boosdoeners nie beny of jaloers wees op die bose nie,
- 20 want die boosdoener het geen toekoms nie en die lamp van die bose sal uitgedoof word.
- 21 My seun, vrees הוֹרָה respekvol en gee goeie raad en meng nie met die dwase nie,
- 22 want hulle katastrofe sal skielik kom en wie ken die einde van hulle jare?
- 23 Hierdie dinge sê ek vir die wyse: “Dit is nie goed om partydig te wees in oordeel nie
- 24 of om vir die bose man te sê: ‘Jy is regverdig,’ nie; die volke sal hom vervloek en die nasies sal hom verag,
- 25 maar hulle wat hom bestraf sal tevredenheid hê en ’n goeie seën sal oor hulle kom.”
- 26 Die mense sal die lippe soen van hom wat vermaning gee.
- 27 Berei jou werk buitekant voor en maak dit gereed in die land en bou daarna jou huis.
- 28 Moenie ’n vals getuie teen jou naaste wees nie en moet hom nie mislei met jou lippe nie.
- 29 Moenie sê: “Soos hy aan my gedoen het, so sal ek aan hom doen; ek sal aan hom gee volgens sy dade,” nie.
- 30 Ek het by die land van ’n luiaard verbygeloop en by die wingerd van ’n mens sonder insig
- 31 en let op, dit was heeltemal toegegroeï met dorings en die oppervlakte was bedek met brandnetels en sy klipmuur was afgebreek.
- 32 Toe het ek daarna gekyk en dit goed oordink en lering ontvang:
- 33 nog ’n bietjie slaap, nog ’n bietjie sluimer, nog ’n bietjie hande-vou oor jou bors;
- 34 dan kom armoede oor jou en behoefte haal jou skielik in soos ’n hardloper.

- 25** 1 Hierdie is nog spreuke van Shlomo, wat die vriende van Hizkiyahu, koning van Y'hudah, neergeskryf het.
- 2 Dit is tot lof en eer van God om 'n saak geheim te hou, maar die eer en lof van die koning is om die saak te ondersoek.
- 3 Die hoogte van die hemele, die diepte van die aarde en die verstand, wil en emosie van die koning is onverstaanbaar.
- 4 Suiwer die vuil skuim uit die silwer dat 'n suiwer voorwerp verskyn. Yes 1:22; Yeg 22:20,22
- 5 Laat die bose vanuit die koning se teenwoordigheid weggedryf word en sy troon sal in onpartydige opregtheid gevestig word.
- 6 Moenie jouself in die teenwoordigheid van die koning verhoog nie en moenie op die plek van groot manne staan nie,
- 7 want dit is beter dat vir jou gesê word: "Kom op hoër," Luk 14:7-11 as dat jy verneder sou word. Rapporteer aan 'n heerser wat jou oë gesien het.
- 8 Moenie haastig uitgaan om iemand aan te kla nie; anders, wanneer jy jou saak stel, sal jou naaste jou aan die einde verag.
- 9 Bespreek jou saak met jou naaste, met homself en moenie die geheim aan 'n ander openbaar nie
- 10 sodat hy wat dit hoor, jou nie verag en baie mense met jou spot nie.
- 11 'n Woord wat toepaslik gesê word, is soos appels van goud op silwer versierings.
- 12 Die berisping deur 'n wyse, aan 'n oor wat luister, is soos 'n goue ooring en 'n kosbare edelsteen.
- 13 Soos die koue van sneeu in die oestyd, wat die lug afkoel, so is 'n betroubare boodskapper vir hulle wat hom stuur, want hy verfris die lewe van sy meesters.
- 14 'n Man wat hom roem op valse geskenke, is soos wolke en wind sonder reën.
- 15 Deur lank aan te hou word 'n heerser oortuig en 'n sagte tong verbreek die gebeente.
- 16 Wanneer jy heuning vind, eet soveel as wat vir jou genoeg is sodat jy nie daarvan vol sal word en naar word nie.
- 17 Moenie jou naaste se huis te gereeld besoek nie sodat hy nie moeg kan word van jou en jou haat nie.
- 18 'n Man wat vals getuienis teen sy naaste gee, is soos 'n knopkierie, 'n swaard en 'n skerp pyl.
- 19 Soos 'n slegte tand en 'n geswikte voet, so is vertroue op 'n onbetroubare man in die tyd van moeilikheid.
- 20 Soos een wat 'n kledingstuk wegvat by sy naaste in koue weer, soos een wat sand gooi op die snare van 'n musiekinstrument, soos een wat 'n gebroke gees teister, soos 'n vismot op 'n kledingstuk en 'n boorwurm op 'n boom, so is die effek van smart op die verstand, wil en emosie van 'n man.
- 21 As jou vyand honger is, gee hom brood om te eet en as hy dors is, gee hom water om te drink, Rom 12:20
- 22 want deur dit te doen hoop jy gloeiende kole op sy kop op (hy sal beskaamd staan) en יהוה sal jou beloon.
- 23 Soos die noordewind wat reën bring, so is 'n boosaardige gesig en 'n tong wat agteraf praat.

- 24 Dit is beter om op die hoek van 'n dak te bly, as by 'n twisgierige vrou en 'n huis verdeeld in homself.
- 25 Soos koue water vir 'n dors persoon, so is goeie nuus vanuit 'n ver land.
- 26 Soos 'n troebel fontein of besoedelde bron, so is die regverdige wat neerval voor die bose.
- 27 Dit is nie goed om baie heuning te eet nie en ook nie om hoë lofprijsing vir jouself te soek nie.
- 28 Soos 'n afgebreekte stad wat geen muur het nie, so is 'n man wat ongeduldig is.
- 26** 1 Soos sneeu in die somer en soos reën in die oestyd, so is eer nie toepaslik op 'n dwaas nie.
- 2 Soos die voëls en die swaweltjies rondvlieg in die lug, so sal die vervloeking sonder oorsaak weggedryf word.
- 3 'n Sweep is vir 'n perd, 'n toom vir 'n donkie en 'n lat vir die rug van 'n dwaas.
- 4 Moenie 'n dwaas antwoord volgens sy dwaasheid nie sodat jy nie ook net soos hy word nie,
- 5 maar antwoord 'n dwaas volgens jou wysheid sodat hy nie in homself dink dat hy wys is nie.
- 6 Hy wat 'n boodskap stuur deur die hand van 'n dwaas, kap sy eie voete af met pyn.
- 7 Soos 'n lam man wat nie kan loop nie, so is 'n vergelykende storie in die mond van 'n dwaas.
- 8 Soos 'n klip in 'n slingervel, so is hy wat eer gee aan 'n dwaas.
- 9 Dorings spring op in die hand van 'n dronkaard en dwaasheid in die mond van die dwaas.
- 10 Die liggaam van 'n dwaas word baie geteister en 'n dronkaard dink dat hy 'n see kan oorgaan.
- 11 Soos 'n hond wat na sy uitbraaksel teruggaan, so is 'n dwaas wat in sy dwaasheid verkeerd optree.
- 12 As jy 'n man sou sien wat wys is in sy eie oë, 'n dwaas is beter as hy.
- 13 Wanneer hy gestuur word, sê die luiaard: "Daar is 'n leeu op die pad en let op, daar is moord in die strate!"
- 14 Soos 'n deur op sy skarniere draai, so draai die luiaard op sy bed.
- 15 Die luiaard steek sy hande weg binne sy kleed en sal nie eens weer probeer om hulle na sy mond te bring nie.
- 16 Die luiaard is wyser in sy eie oë as sewe manne met goeie oortuiging.
- 17 Hy wat inmeng in 'n twis wat hom nie aangaan nie, is soos een wat 'n hond aan die ore gryp.
- 18 Soos trotse manne wat skerp en dodelike woorde uiter soos pyle,
- 19 so is die man wat sy naaste bedrieg; wanneer hy gevang word, sê hy: "Ek het net 'n grap gemaak."
- 20 Wanneer daar geen hout is nie, gaan die vuur dood en waar daar geen twisgierige is nie, hou die stryd op.
- 21 Soos kole is vir gloeiende kole en hout vir vuur, so is 'n twisgierige man om stryd aan te hits.

- 22 Die woorde van 'n twisgierige stook moeilikheid op, hulle gaan af tot in die binneste van die verstand, wil en emosie.
- 23 Soos silwer skuim wat aan 'n kleipot vassit, so is woedende lippe en 'n bose verstand, wil en emosie.
- 24 Hy wat haat, is bekend deur sy eie lippe; in sy binneste koester hy bedrog.
- 25 Alhoewel hy met 'n sagte toon praat, vertrou hom nie, want daar is sewe verwerplikhede in sy verstand, wil en emosie.
- 26 Hy wat haat in sy binneste wegsteek se boosheid sal in die vergadering openbaar word.
- 27 Hy wat 'n put grawe, sal daarin val en hy wat 'n klip rol, dit sal op hom terugkom.
- 28 'n Leuenagtige tong haat die waarheid en 'n moeilikheidmakende mond wek stryd op.
- 27** 1 Beroem jou nie op môre nie, ^{Y'a'a 4:14} want jy weet nie wat 'n dag kan voortbring nie.
- 2 Laat 'n vreemdeling jou prys en nie jou eie mond nie; 'n ander en nie jou eie lippe nie.
- 3 'n Klip is swaar en sand het gewig, maar 'n dwaas se woede is swaarder as altwee.
- 4 Toorn is wreed en woede is wreed, maar wie kan voor jaloesie staan?
- 5 Openlike teregwysing is beter as bedrieglike vriendskap.
- 6 Die wonde van 'n vriend is beter as die soene van 'n vyand.
- 7 'n Persoon wat versadig is, verafsku die heuningkoek, maar vir 'n honger persoon is selfs wat bitter is, soet.
- 8 Soos 'n voël wat ver van sy nes af vlieg, so is 'n man wat van sy tuiste af weggevat word.
- 9 Soos olie en reukwater die gevoelens verbly, so ook die soetheid van 'n vriend deur opregte raad.
- 10 Moenie jou vriend en die vriend van jou vader in die steek laat nie en kom nie in die huis van jou broer op die dag van jou katastrofe nie, want 'n buurman wat naby is, is beter as 'n broer wat ver is.
- 11 Wees wys, my seun en verbly my binneste en verwyder van my die beskuldigings van hulle wat my beskuldig.
- 12 'n Man met onderskeiding voorsien die boosheid en steek homself weg, maar die dwaas gaan aan en ly skade.
- 13 Die een wat borg staan vir 'n vreemdeling, se kleed sal van hom af weggevat word en as pand vir 'n vreemdeling gehou word.
- 14 Hy wat sy vriend met 'n vleierende harde stem seën, is nie verskillend van hom wat vloek nie.
- 15 Soos 'n aanhoudende gedrup op 'n reënerige dag, so is 'n twisgierige vrou.
- 16 Die Noordewind is hard, maar dit word die regte wind genoem.
- 17 Yster slyp yster, so verlig 'n man die gesig van sy vriend.
- 18 Hy wat 'n vyeboom oppas, sal sy vrugte eet en hy wat versigtig is vir sy meester, sal geëer word.

- 19 Soos gesigte nie ooreenkom met gesigte nie, so kom die verstand, wil en emosies nie ooreen met mekaar nie.
- 20 Sh'ol en vernietiging is nooit vol nie; so word die oë van 'n mens nie versadig nie.
- 21 Soos die smeltkroes vir die silwer is en die oond vir die goud, so word 'n man getoets deur die monde wat hom eer. Die verstand, wil en emosie van die bese beger boosheid en die verstand wil en emosie van die een wat liefdevolle goedheid gee, beger kennis.
- 22 Al slaan jy die dwaas in die middel van 'n vergadering, sal jy hom niks goeds doen nie en ook nie sy dwaasheid van hom laat wyk nie.
- 23 Wanneer jy jou skape voed, ken hulle gesigte en konsentreer op die trop.
- 24 Besittings is nie vir ewig nie en net so kan die kroon nie oorgedra word in ewige geslagte nie.
- 25 Die gras spruit uit, die sagte gras wys hulleself en die kruie van die berge word bymekaargemaak.
- 26 Die lammers is vir jou kleding en die boklammers vir jou onderhouding
- 27 en die bokmelk is vir jou kos en die kos van jou huishouding.

- 28** 1 Die bese vlug wanneer niemand hulle agtervolg nie, maar die regverdige is versekerd soos 'n leeu.
- 2 As gevolg van die oortreding van 'n land het hy baie prinse, maar deur manne van insig wat regverdige oordeel ken, sal die stabiliteit daarvan verleng word.
- 3 'n Arm man wat die armes onderdruk, is soos 'n swiepende reën wat tot geen voordeel is nie.
- 4 Hulle wat die wet opgee, prys boosheid, maar hulle wat die wet onderhou, word versterk.
- 5 Bese mense verstaan nie die regverdige oordeel nie, maar hulle wat יִדְרֹךְ soek, verstaan alle goeie dinge.
- 6 Die arm man wat in sy opregtheid lewe, is beter as 'n ryk man wie se lewenswyse pervers is.
- 7 Hy wat die wet onderhou, is 'n wyse seun, maar hy wat besig is met sinnelose boosheid, beskaam sy vader.
- 8 Hy wat sy rykdom vermeerder deur rente en onregverdige wins, sal dit nalaat vir die een wat goed is vir die armes. ^{Yes 23:18}
- 9 Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is 'n verwerplikeheid.
- 10 Hy wat die regverdige op 'n bese pad laat afdwaal, sal self in die put val, maar die opregtes sal goeie dinge erf.
- 11 Die ryk man is wys in sy eie oë, maar 'n arm man met insig sal hom tereg wys.
- 12 Wanneer die regverdige sterk is, is daar groot lof en eer, maar as die bese tot krag kom, verdwyn die lof en eer.
- 13 Hy wat sy oortredinge wegsteek, sal nie voorspoedig wees nie, maar hy wat sy sonde erken, bely en laat staan, sal liefdevolle omgee ontvang. ^{Num 5:7}
- 14 Gelukkig is die man wat gedurigdeur respekvol vrees, maar hy wat sy verstand, wil en emosie verhard, sal in die boosheid verval.

- 15 Soos 'n brullende leeu en 'n honger beer, so is 'n bose heerser oor die armes.
- 16 'n Heerser wat 'n gebrek het aan insig, is ook 'n groot onderdrukker, maar hy wat bedrog haat, sal sy lewe verleng.
- 17 'n Mens wat betrokke is by bloedvergieting sal selfs na die put toe vlug en niemand sal hom help nie.
- 18 Hy wat opreg lewe, sal gered word, maar hy wat pervers is in sy lewenswyse, sal in 'n put val.
- 19 Hy wat die land omploeg, sal 'n oorvloed van brood hê, maar hy wat agter nietighede aanjaag, sal volop armoede hê.
- 20 'n Betroubare man het uitermatige seëninge, maar 'n bose man sal nie onskuldig wees nie.
- 21 'n Man wat partydigheid wys, is nie goed nie; vir 'n stukkie brood sal 'n man 'n verraaier word.
- 22 Hy wat hom haas om ryk te word, het 'n bose oog (suinig) en dink nie daaraan dat armoede oor hom sal kom nie.
- 23 Hy wat 'n mens teregwys, sal agterna meer guns vind, as hy wat vlei met sy tong.
- 24 Hy wat sy vader of sy moeder beroof en sê: "Dit is geen oortreding nie," hy is die metgesel van 'n bose man.
- 25 Die hebsugtige verwek twis, maar hy wat sy vertroue op יהוה plaas, sal verryk word.
- 26 Hy wat op sy eie verstand, wil en emosie vertrou, is 'n dwaas, maar hy wat in integriteit leef, sal bevry word.
- 27 Hy wat aan die arme gee, sal nie gebrek ly nie, maar hy wat sy oë wegdraai van die behoeftige, sal baie vloeke ontvang.
- 28 Wanneer die bose opstaan, kruip mense weg, maar as hulle vergaan, vermeerder die regverdiges.
- 29** 1 Hy wat teregwysing weier en sy nek verhard, sal skielik vernietig word sonder herstel.
- 2 As die regverdige baie is, vermeerder die volk, maar wanneer die bose in outoriteit is, kerm die volk.
- 3 Hy wat wysheid lief het, verbly sy vader, maar hy wat met hoere omgaan, verloor sy besittings.
- 4 Die koning verryk die land deur regverdige oordeel, maar 'n man wat die wet verbreek, verwoes dit.
- 5 'n Man wat sy naaste vlei, sprei 'n net uit voor sy voete.
- 6 'n Bese man sal verstrik word in sy boosheid, maar die regverdige sal sing en bly wees.
- 7 Die regverdige man let op na die saak van die armes, maar die bese het geen begrip om daarna te kyk nie.
- 8 Manne wat spot, steek stede aan die brand, maar wyse manne draai die toorn weg.
- 9 'n Wyse man staan 'n dwaas teë en wanneer hy kwaad is, lag hy en skel nie.
- 10 Bloeddorstige manne haat die onskuldiges, maar die opregtes het liefdevolle omgee vir hulle.

- 11 'n Dwaas uiter al sy woede, maar 'n wyse gebruik sy verstand.
- 12 As 'n heerser luister na leuens, is al sy dienaars boos.
- 13 Die arm man en die een wat onderdruk, ontmoet en יְהוָה verlig altwee se oë.
- 14 'n Koning wat die mense getrou oordeel, sy troon sal vir ewig bevestig wees.
- 15 Die lat en die teregwyding gee wysheid, maar 'n seun wat dissipline kort-kom, bring skande oor sy moeder.
- 16 Wanneer die bose vermenigvuldig, vermeerder die oortreding, maar die regverdiges sal toekyk as hulle val.
- 17 Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee, ja, vreugde vir jou lewe.
- 18 Wanneer die bose vermenigvuldig, is die volk vernietig, maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy.
- 19 'n Slaaf word nie gedissiplineer met woorde nie, want dan weet hy dat hy nie geslaan sal word nie.
- 20 Wanneer jy 'n man sien wat haastig is in sy woorde, weet dat 'n dwaas beter is as hy.
- 21 Hy wat van jongs af aan plesier oorgegee is, sal 'n dienskneg wees en aan die einde kerm.
- 22 'n Woedende man wek twis op en 'n toornige man is oorvloedig aan oortredinge.
- 23 Die trotsheid van 'n mens sal hom verneder, maar sy nederigheid sal byvoeg by sy eer.
- 24 Hy wat 'n dief se metgesel is, haat sy eie lewe; hulle plaas hom onder eed, maar hy erken niks nie.
- 25 Die vrees van 'n mens word sy struikelblok, maar hy wat sy vertrou in יְהוָה plaas, sal sterk word.
- 26 Baie soek die heerser se guns, maar die mens se oordeel kom vanaf יְהוָה.
- 27 'n Bose man is vir die regverdiges verwerplik en die regte lewenswyse is verwerplik vir die bose.

30 1 Hierdie is die woorde van Agur, die seun van Yakeh, wat geprofeteer en krag ontvang het. Hy het vir Iti'el en vir Ukhal gesê:

- 2 “Sekerlik, ek is swak van verstand en het nie die insig van mense nie.
- 3 Ek ken nie wysheid nie en het ook nie die kennis van die afgesonderde manne geleer nie.
- 4 Vertel my: Wie het opgegaan na die hemel en afgekom? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n doek vasgebind? Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en wat is die Naam (Karakter en Outoriteit) van Sy Seun, as jy weet?
- 5 Elke woord van God is rein; Hy is 'n Skild vir hulle wat hulle vertrou in Hom plaas.
- 6 Voeg niks by Sy woorde by nie sodat Hy jou nie tereg wys en jy as 'n leuenaar gevind word nie. Deut 4:2; 12:32; Mat 5:17-19; Open 22:18,19
- 7 Twee dinge het ek van U gevra; weier my dit nie voordat ek sterf nie:
- 8 verwyder sinnelose boosheid en leuens ver van my af; gee vir my nie armoede of rykdom nie, gee vir my voldoende lewe 1 Tim 6:8

- 9 sodat ek nie, as ek versadig is, lieg en sê: “Wie is יְהוָה,” of as ek arm is en steel, die Naam (Karakter en Outoriteit) van my God verkeerd gebruik, nie.
- 10 Moenie ’n slaaf oorgee aan sy meester nie sodat hy jou nie vloek en jy skuldig bevind word nie.
- 11 Daar is ’n geslag wat hulle vaders vervloek en hulle moeders nie seën nie,
- 12 ’n geslag wat rein is in hulle eie oë en tog nie van hulle vuilheid gewas is nie;
- 13 ’n geslag; hoe trots is hulle oë en hoe hoog is hul ooglede opgetrek!
- 14 ’n Geslag wie se tande soos swaarde is, hulle tande is soos messe, om die armes van die aarde af te verteer en die behoeftiges van tussen die mense.
- 15 Die bloedsuier het drie dogters, daar is drie dinge wat nooit versadig word nie; ja, ’n vierde wat nooit sê: “Dit is genoeg,” nie:
- 16 Sh’ol en die onvrugbare baarmoeder, die aarde wat nie bevredig word met water nie en die vuur wat nooit sê: “Dit is genoeg,” nie!
- 17 Die oog wat spot met sy vader en die ouderdom van sy moeder verag, sal deur die kraaie van die vallei uitgepik word en die jong aasvoëls sal dit eet.
- 18 Daar is drie dinge wat vir my weggesteek is, ja, vier wat ek nie ken nie:
- 19 die manier van die arend in die lug, die manier van ’n slang op ’n rots, die manier van ’n skip in die middel van die see en die manier van ’n man in sy jeug.
- 20 Dit is die lewenswyse van ’n vrou wat owerspel pleeg: sy eet en vee haar mond af en sê: “Ek het geen boosheid gedoen nie.”
- 21 Onder drie dinge bewee die aarde en onder vier kan hy nie uithou nie:
- 22 onder ’n slaaf wanneer hy heers en ’n dwaas wanneer hy vol is van brood;
- 23 onder ’n haatlike vrou as sy trou en onder ’n slavin as sy haar meesteres se erfenis oorneem.
- 24 Daar is vier dinge wat klein is op die aarde, maar hulle is wyser as wyse manne:
- 25 die miere wat geen krag het nie en tog voorsien hulle hul kos in die somer;
- 26 die klipdassies kom krag kort en tog maak hulle hul huise in die rots;
- 27 die sprinkane wat geen koning het nie en tog vergader hulle almal saam;
- 28 die geitjie met klouende pote wat jy maklik vang, maar in konings se paleise is.
- 29 Daar is drie dinge wat goed stap, ja, vier wat statig is in hulle stap:
- 30 die leeu wat die magtigste is onder diere en wat nie vrees of omdraai voor enige wilde dier nie;
- 31 die haan wat trots loop tussen die kuikens; die bokram wat voor die trop uitloop en ’n koning wat tussen die mense praat.
- 32 Begeer nie sodat jy nie tereggewys word nie; moenie jouself voed met dinge wat verkeerdelik verkry is nie.
- 33 Deur die karring van die melk kom botter voort en die draai van die neus bring bloed; so bring die forsering van woede stryd voort.”
- 31** 1 Die woorde van Mu’el, koning en profeet, waarmee sy moeder hom geleer het:
- 2 o, my seun; o, seun van my baarmoeder; o, seun van my geloftes!
- 3 Gee nie jou krag aan vroue of jou lewenswyse aan die uitspattigheid van konings nie.

- 4 Vir konings, o Mu'el, wees versigtig vir konings wat wyn drink en vir prinse wat sterk drank drink
- 5 sodat jy nie drink en die wet vergeet en die regverdigde oordeel van die geteisterdes nalaat, nie.
- 6 Gee sterk drank aan hulle wat besig is om te vergaan en wyn aan hulle wat 'n bitter lewe het
- 7 sodat hulle mag drink en hul smarte vergeet en hulle swaarkry nie meer onthou nie.
- 8 Maak jou mond oop met woorde van waarheid en oordeel al die seuns van die bose.
- 9 Maak jou mond oop, oordeel regverdig en bepleit die saak van die arme en die behoeftige.
- 10 Wie sal 'n ywerige vrou vind, want haar waarde is ver bo robyne?
- 11 Die verstand, wil en emosie van haar man vertrou in veiligheid in haar en haar kosvoorraad word nooit minder nie.
- 12 Sy doen goed aan hom en nie boos nie, al die dae van haar lewe.
- 13 Sy soek na wol en linne en werk gewilliglik met haar hande.
- 14 Sy is soos die handelaar se skip; sy bring haar handelsware van ver af in.
- 15 Sy staan ook op terwyl dit nog nag is en gee aan haar huisgesin kos en aan haar diensmeisies werk.
- 16 Sy ondersoek 'n stuk grond en koop dit; van die vrug van haar hande plant sy 'n wingerd.
- 17 Sy bind haar middel vas met krag en versterk haar arms.
- 18 Sy sien dat haar handelsware goed is, haar lamp gaan reg deur die nag nie uit nie.
- 19 Sy steek haar hande gretiglik uit en sit haar hande op die spinwiel.
- 20 Sy steek haar hande uit na die armes, ja, sy steek haar hande uit na die behoeftiges.
- 21 Die lede van haar huishouding is nie bang vir sneeu nie, want almal van hulle is in skarlaken stof aangetrek.
- 22 Sy maak vir haarself 'n bedekking van tapisserie, haar klere is van sy en purper.
- 23 Haar man is bekend in die stede, wanneer hy saam met die oudstes van die land sit.
- 24 Sy maak fyn linne en verkoop dit; sy voorsien gordels aan die handelaars.
- 25 Sterkte en eer is haar klere en sy sal haar verheug in die tyd wat kom.
- 26 Sy maak haar mond oop met wysheid en op haar tong is die wet van liefdevolle goedheid.
- 27 Die lewenswyse van haar huishouding is bo teregwysing en sy eet nie die brood van luiheid nie.
- 28 Haar seuns staan op en noem haar geseënd, ook haar man prys haar:
- 29 baie dogters het voortreflik en deugsam geword, maar jy het hulle almal oortref.
- 30 Gevormde uiterlike is bedrieglik en skoonheid is nietigheid, maar 'n vrou wat יְהוָה ^{1 Kef 3:1-6} respekvol vrees, sal helder en duidelik geprys word.
- 31 Gee haar van die vrug van haar hande en laat haar eie werke haar helder en duidelik prys in die poorte.

Die nege-en-twintigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die derde boek van die Geskrifte

Iyov

(Job)

איוב - Iyov - gehaat

Die boek is in 'n onbekende tyd, deur 'n onbekende skrywer, in digvorm geskryf.

- 1 1 Daar was 'n man in die land van 'Utz ^{Gen 10:23} met die naam van Iyov. Daardie man was onskuldig, opreg, een wat God respekvol gevrees het en wat weggedraai het van die bose.
- 2 Daar is vir hom sewe seuns en drie dogters gebore.
- 3 Sy besittings was sewe duisend skape, drie duisend kamele, vyf honderd jukpaar beeste, vyf honderd donkiemerries en 'n baie groot huishouding sodat hierdie man die grootste was van al die manne van die Ooste.
- 4 Sy seuns het gegaan en in mekaar se huise volgens elkeen se vasgestelde dag 'n fees gehou en hulle het gestuur en hul drie susters genooi om saam met hulle te eet en te drink.
- 5 Dit was so dat elke keer as die dae van hulle fees verby was, Iyov gestuur en hulle afgesonder het; Iyov het vroeg in die oggend opgestaan en brandoffers gebring vir elkeen van hulle, want Iyov het gesê: "Dit mag wees dat my seuns gesondig het en God in hulle hart gevloek het!" Dit het Iyov voortdurend gedoen.
- 6 Daar was 'n dag waarop die seuns van God hulleself voor יהוה kom aanbied het en die teëstander het ook saam met hulle gekom.
- 7 יהוה vra vir die teëstander: "Waar kom jy vandaan?" Toe antwoord die teëstander יהוה en sê: "Van heen en weer gaan en loop op die aarde."
- 8 Toe vra יהוה vir die teëstander: "Het jy van naby gekyk na My dienskneg Iyov, dat daar niemand op die aarde is soos hy nie: 'n onskuldige en opregte man, een wat God respekvol vrees en wegdraai van die bose?"
- 9 Toe antwoord die teëstander vir יהוה en sê: "Is dit vir geen doel dat Iyov God vrees nie?"
- 10 U het self U hand van beskerming rondom sy huis, sy kinders en alles wat hy besit geplaas; U het die werke van sy hande geseën en sy besittings word vermeerder in die land,
- 11 maar steek nou U hand uit en vernietig alles wat hy het en hy sal U in U gesig vloek!"
- 12 יהוה sê vir die teëstander: "Let op, alles wat hy het, is in jou mag; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie." Die teëstander het weggegaan uit die Teenwoordigheid van יהוה.
- 13 Daar was 'n dag waarop Iyov se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in die huis van hul oudste broer
- 14 en 'n boodskapper het na Iyov gekom en gesê: "Terwyl die beeste aan't ploëë was en die donkies aan't wei langs hulle,
- 15 het rowers van Sh'va hulle geroof en weggevat en die dienaars met die skerpte van die swaard doodgeslaan en ek alleen het ontvlug om dit vir u te vertel."
- 16 Terwyl hy nog gepraat het, kom daar 'n ander een en sê vir hom: "Die vuur van God het uit die hemel geval en die skape en die skaapwagters verbrand en hulle verteer en ek alleen het ontvlug om dit vir u te vertel."
- 17 Terwyl hy nog praat, kom daar 'n ander een en sê vir hom: "Die Kasdeërs het in drie dele verdeel en die kamele geroof en hulle weggevat en die diensknegte met die skerpte van die swaard doodgeslaan en ek alleen het ontvlug om dit aan u te vertel."

- 18 Terwyl hy nog praat, kom daar 'n ander een en sê vir hom: "U seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis
- 19 en let op, daar het 'n sterk wind vanaf die wildernis gekom en die huis aan die vier hoeke gegryp en dit het op die jongmense geval en hulle is dood en ek alleen het ontvlug om dit vir u te vertel."
- 20 Toe staan Iyov op en skeur sy bokleed, skeer sy kop en val op die grond neer in aanbidding
- 21 en sê: "Kaal het ek uit my moeder se baarmoeder gekom en kaal sal ek terugkeer. יהוה het gegee en יהוה het weggevat, geseënd is die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה!" ^{1 Tim 6:7}
- 22 Deur al hierdie rampe het Iyov nie gesondig of sleg gepraat teen יהוה nie.
- 2** 1 Daar was weer 'n dag waarop die seuns van God hulleself voor יהוה kom aanbied het en die teëstander het ook saam met hulle gekom om homself voor יהוה aan te bied.
- 2 יהוה vra vir die teëstander: "Waar kom jy vandaan?" Toe antwoord die teëstander יהוה en sê: "Van heen en weer gaan en loop op die aarde."
- 3 Toe vra יהוה vir die teëstander: "Het jy van naby gekyk na My dienskneg Iyov, dat daar niemand op die aarde is soos hy nie: 'n onskuldige en opregte man, een wat God respekvol vrees en wegdraai van die bose? Hy volhard onveranderlik in sy integriteit, alhoewel jy My teen hom aangehits het om hom te vernietig sonder rede."
- 4 Die teëstander antwoord יהוה en sê: "Vel vir vel, ja, alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe, om dit te red,
- 5 maar steek nou U hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan en hy sal U in U gesig vloek!"
- 6 יהוה sê vir die teëstander: "Let op, hy is in jou mag; spaar net sy lewe."
- 7 die teëstander het weggegaan uit die Teenwoordigheid van יהוה en hy het Iyov met bose swere getref, vanaf sy voetsool tot die kroon van sy kop.
- 8 Hy het 'n potskerf gevat om homself daarmee te krap en het op as gaan sit.
- 9 Toe sê sy vrou vir hom: "Volhard jy nog in jou integriteit? Vloek God en sterf!"
- 10 Hy antwoord haar egter: "Jy praat soos 'n dwase vrou praat! Ons het inderdaad God se seëninge ontvang, sal ons nie ook van Hom die slegte ontvang nie?" Deur al hierdie probleme het Iyov nie gesondig nie en ook nie kwaad teen God gepraat met sy lippe nie.
- 11 Toe die drie vriende van Iyov van al die slegte dinge wat oor hom gekom het, gehoor het, het hulle 'n tyd bereken en elkeen gekom vanaf sy blyplek: Elifaz vanaf Teman, ^{Gen 36:10-19; 1 Kro 1:35,36} Bildad vanaf Shuag en Tzofar vanaf Na'amah, want hulle het saam afgespreek om hom te versterk en te vertroos.
- 12 Toe hulle van ver af hul oë opslaan en hom nie herken nie, het hulle hul stem opgelig na die hemel toe en gehuil en elkeen het sy bokleed geskeur en hulle het stof op hul koppe gegooi.
- 13 Hulle het saam met hom op die grond gaan sit, sewe dae en sewe nagte lank en niemand het 'n woord met hom gepraat nie, want hulle het gesien dat sy moeilikheid baie groot was.

- 3 1 Na dit het Iyov sy mond oopgemaak en die dag waarop hy gebore is vervloek.
2 Iyov het gepraat en gesê:
3 “Laat die dag vergaan waarop ek gebore is en die nag waarin dit gesê is: ‘n Seun is gevorm;’
4 laat daardie dag duisternis wees; laat God dit nie erken van bo af nie en laat die lig ook nie daarop skyn nie;
5 laat die duisternis en doodskaduwee dit toedek; laat ’n wolk dit oorskadu; laat hulle wie se dag bitter is deur dit beangs word;
6 wat daardie nag betref, laat dik donkerheid hom bedek; laat daardie dag nie bereken word in die dae van die jaar nie, nie kom in die getal van die maande nie;
7 ja, laat daardie nag onvrugbaar wees, geen uitroep van vreugde daarin kom nie;
8 laat hulle wat die dag vervloek, dit vervloek, hulle wat gereed is om die livyatan aan te hits;
9 laat die sterre van sy oggendskemering donker wees; laat die mense wag op lig, maar niks kry nie en laat hulle ook nie die ondergaan van die dag sien nie
10 omdat dit nie die deure van my moeder se baarmoeder toegesluit het nie en ook nie moeilikheid vir my oë weggesteek het nie.
11 Waarom het ek nie in die baarmoeder gesterf nie? Waarom het ek uitgekóm by geboorte?
12 Waarom is ek op my moeder se knieë grootgemaak? Waarom het ek aan die borste gedrink?
13 Ek moes nou in die graf gelê en stil gewees het; ek moes geslaap het, dan sou ek tot rus gekóm het
14 saam met konings en raadgewers van die aarde, wat verlate plekke vir hulleself bou;
15 of saam met prinse wat goud besit, wat hulle huise met silwer vol maak;
16 of soos ’n weggesteekte miskraam, asof ek nie bestaan het nie; soos babas wat nooit die lig sien nie.
17 Daar hou die bouse op met woelinge en daar kom die wat moeg is tot rus.
18 Daar rus die gevangenes saam; hulle hoor nie die stem van die onderdrukker nie.
19 Klein en groot is daar en die slaaf is vry van sy meester.
20 Hoekom word daar lig gegee aan die een wat moeilikheid het en lewe aan die wat verbitterd is in die lewe,
21 wat verlang na die dood en dit kom nie en dit soek soos een na ’n weggesteekte skat soek;
22 wat uitermate bly is en hulle verheug as hulle die graf kon vind?
23 Waarom word lig gegee aan ’n man wie se lewenswyse weggesteek is, wat rondom afgekamp is deur God?
24 Want my gesug kom voor ek eet en my gekerm word uitgegooi soos water,
25 want die ding wat ek grootliks vrees, het oor my gekóm en dit waarvoor ek bang was, het na my toe gekóm.
26 Ek is nie rustig nie, ook nie kalm nie en nie in rus nie en rampe het gekóm!”

- 4 1 Toe antwoord Élifaz, die Temaniet en sê:
2 “As ek dit waag om met jou te praat, sal jy vermoeid wees, maar wie kan homself keer om met jou te praat?
3 Let op, jy het baie mense gedissiplineer en die swak hande versterk.
4 Jou woorde het die swakkeres opgelig en jy het die swak knieë versterk,
5 maar nou dat rampe oor jou kom en jy vermoeid is, raak dit jou en is jy beangs!
6 Let op, jou vrees en jou vertroue in die integriteit van jou lewenswyse, dra die skuld.
7 Onthou, vra ek van jou, wie het onskuldig omgekom, of waar is die opregte ooit beskaamd?
8 Volgens wat ek gesien het: hulle wat boosheid ploeg en moeilikheid saai, oes dieselfde.
9 Deur die asem van God kom hulle om en deur die geblaas van Sy woede word hulle verteer. ^{2 Thes 2:8}
10 Die gebrul van die leeu en die stem van die jong leeu word stilgemaak en die tande van die leeu word gebreek.
11 Die leeu gaan dood weens gebrek aan prooi en die kleintjies van die leeuin word verstrooi.
12 Nou is ’n ding in die geheim na my toe gebring en my oor het ’n bietjie daarvan ontvang.
13 In stilte, in ’n nagvisioen, wanneer diep slaap op mense val,
14 het vrees en bewing oor my gekom, wat al my bene laat bewe het.
15 Toe gaan daar ’n gees voor my verby; die hare van my vlees het opgestaan.
16 Toe het ek opgestaan, maar ek kon hom nie herken nie, daar was geen vorm voor my oë nie, maar ek het ’n sagte stem hoor sê:
17 ‘Sal ’n sterflike mens regverdiger as God verklaar word, of ’n man reiner wees as sy Maker?’
18 Let op, Hy plaas geen vertroue in Sy diensknegte nie en Sy boodskappers word met verwondering geslaan.
19 Selfs hulle wat in versierde huise van klei bly, wie se fondasie in die stof is, sal verneder word voor die dik duisternis.
20 Vanaf oggend tot aand word hulle verpletter dat hulle nie vir ewig mag bly nie, ja, hulle sal omkom.
21 Let op, hulle besittings word van hulle af weggevat en die res van hulle sal sterf sonder wysheid.
- 5 1 Roep nou, ek vra jou, is daar iemand wat jou kan antwoord gee? Na watter een van die afgesonderdes sal jy draai?
2 Want woede maak die dwaas dood en haat maak die eenvoudige dood.
3 Ek het gesien hoe die bose voorspoedig is, maar sy blyplek word skielik vernietig.
4 Sy seuns is ver van verlossing af en hulle word verneder by die poort en daar is niemand om hulle te red nie.
5 Hulle wat honger is, eet sy oes op en hulle sal water uitgooi vir die wat dors is en die wat dors is, verslind hulle besittings,

- 6 want valsheid kom nie op vanuit die stof nie en ook nie boosheid vanuit die grond nie,
7 want die mens word vir moeite gebore, so seker as wat die wilde voëls vlieg,
8 maar wat my betref, ek sou na God soek en aan God my saak voorlê,
9 wat groot dinge gedoen het sonder grense en wonderlike dinge sonder getal;
10 wat reën gee op die aarde en waters stuur na die velde;
11 om die wat laag is op te lig en die sagmoediges sal opgelig word deur verlossing.
12 Hy frustreer die planne van listige mense sodat hulle hande nie met wysheid hulle beplanning kan uitvoer nie.
13 Hy vang die wyse manne in hulle eie slimstreke en die raad van die slinkse mense word frustreer. ^{1 Kor 3:19}
14 Hulle hanteer dinge oordag asof hulle in duisternis is en tas rond in die middag soos in die nag
15 en hulle kom om deur die mag van die swaard en die armes word gered uit die hand van die magtiges.
16 Daar is versekerde verwagting vir die armes, maar die bose sal sy mond toehou.
17 Let op, gelukkig is die man wat deur God gekorrigeer word en hy wat die tugtiging van die Almagtige nie verag nie, ^{Hebr 12:5-11}
18 want dit is Hy wat verwond en verbind; Hy slaan en Sy hande genees. ^{Ps 103:3}
19 Uit ses moeilikhede sal Hy jou bevry, ja, uit sewe sal geen boosheid jou aanraak nie.
20 Tydens hongersnood sal Hy jou bevry van die dood en tydens die oorlog uit die mag van die swaard.
21 Jy sal beskerm word van die houe van die tong en jy sal nie bang wees vir vernietiging wanneer dit kom nie.
22 Oor geweld en hongersnood sal jy lag en nie die wilde diere vrees nie,
23 want jy sal in verbond wees met die klippe van die veld en die wilde diere van die veld sal in vrede met jou wees.
24 Jy sal weet dat jou tent in vrede is en jy sal terugkeer na jou blyplek en nie sondig nie.
25 Jy sal ook weet dat jou nageslag baie sal wees en jou kinders soos die gras van die aarde.
26 Jy sal rustig na jou graf gaan, soos 'n graangerf in sy seisoen.
27 Let op, ons het hierdie ding ondersoek en dit is so; ons het dit gehoor en jy weet dit tot jou beswil."

6 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:

- 2 "Ag, as my leed maar geweeg is en my rampe daarteenoor in die skaal gelê is,
3 dan sou dit swaarder wees as die sand van die seë; daarom word my woorde teruggehou,
4 want die pyle van die Almagtige is in my vlees en hulle gif drink my gees op; die vreeslikheid van God het my bang gemaak!
5 Balk die wilde-donkie oor die gras of bulk 'n bees oor sy voer?

- 6 Kan iets wat onsmaaklik is, sonder sout geëet word of is daar enige smaak in die wit van 'n eier?
- 7 My lewe is moeg van sy probleme; ek kla soos 'n dronk mens in my lyding.
- 8 Ag, dat ek my versoek mag ontvang en dat God my dit wat ek na verlang sal gee
- 9 sodat God mag toegee om my te reinig en Sy hand mag uitsteek en my heel maak;
- 10 om weer my Troos te wees sodat ek herstel kan word tot my krag sonder mate, want ek het nie gelieg teen die woorde van die Afgesonderde Een nie.
- 11 Wat is my krag dat ek sou kon uithou en wat is my einde dat ek geduldig sou wees?
- 12 Is my krag soos die krag van klippe of is my vlees van koper?
- 13 Let op, Sy hulp is nie in my nie en Sy redding is ver van my af.
- 14 Hy wat liefdevolle omgee weghou van sy vriend af, versaak die respektvolle vrees vir die Almagtige.
- 15 My broers het misleidend opgetree soos 'n droë spruit, soos stroomversnellings wat weggaan.
- 16 Op die wat bang is vir ys, het baie sneeu geval;
- 17 wanneer die son oor hulle skyn, smelt hulle, wanneer dit warm is, smelt hulle en verdwyn uit hul plek uit.
- 18 Die paaie van hulle lewenswyse kronkel, hulle dwaal af van hulle pad en vergaan,
- 19 want hulle het gekyk na die paaie van die suide en het gewag op die paaie van Sh'va.
- 20 Hulle is beskaamd in dit waarvoor hulle gehoop het; hulle het daar gekom en was teleurgesteld.
- 21 Julle het ook so vir my geword, want voordat julle angs gesien het, was julle bang.
- 22 Het ek gesê: 'Bring vir my 'n geskenk, of bied vanuit jou rykdom omkoopgeld aan namens my?'
- 23 Of: 'Red my uit die hand van my onderdrukker?' Of: 'Bevry my uit die hand van die magtiges?'
- 24 Leer my en ek sal stilbly en laat my verstaan waarin ek verkeerd gedoen het.
- 25 Waarom verwerp julle die woorde van waarheid? Wie van julle is in staat om te bestraf en te dissiplineer?
- 26 Let op, julle probeer woorde vind om mee te bestraf en julle maak woorde op teen my lewe!
- 27 Let op, julle oorweldig die vaderlose en maak julle vriend hartseer.
- 28 Luister daarom nou en let op en ek sal in julle teenwoordigheid praat en nie lieg nie.
- 29 Erken, bely en draai terug en moenie soos bese mense word nie; erken, bely en draai terug en word onskuldig verklaar.
- 30 Is daar boosheid op my tong, of praat my mond nie die waarheid nie?
- 7 1 Let op, daar is 'n vasgestelde tyd vir die mens op aarde en sy dae is soos die dae van 'n huurling,

- 2 soos 'n slaaf wat gretiglik begeer na die aandskemer en soos 'n huurling wat kyk om sy taak te voltooi;
3 so het ek maande van teleurstelling geërf en moeisame nagte word vir my uitgemeet.
4 Wanneer ek gaan lê, sê ek: "Wanneer sal ek opstaan?" en die nag blyk lank te wees; wanneer ek gaan rus, rol ek rond tot dagbreek toe.
5 My vlees is bedek met wurms en my liggaam met stof; my vel krimp op en val uitmekaar.
6 My dae is vinniger as 'n wewerspoel en gaan verby sonder verwagting.
7 O, onthou tog dat my gees nog lewe; nogtans, my oog sal weer die goeie sien.
8 Die oog van hom wat my gesien het, sal nie meer bly wees nie. U oë is op my en ek is nie weg nie!
9 Soos die wolk wegwyn en verdwyn, so sal hy wat afgaan na Sh'ol, nie weer opkom nie.
10 Hy sal nie meer teruggaan na sy huis toe en sy plek nie meer herken nie;
11 daarom sal ek nie my mond inhou nie, ek sal praat vanuit die bangsteheid van my gees, ek sal kla in die bitterheid van my lewe.
12 Is ek 'n see, of 'n seemonster dat U 'n wag oor my aanstel?
13 Ek het gesê dat U my sal troos en ek sal verlig word van die pyn van my siekbed
14 en let op, U verskrik my deur drome en maak my bang deur visioene;
15 U het my lewe vanuit vernietiging getrek en my gebeente uit die dood.
16 Ek is moedeloos; ek sal nie vir ewig lewe nie; los my uit, want my lewe is nietig.
17 Wat is die mens dat U hom oplik en dat U aan hom sou dink
18 en dat U hom elke oggend sou besoek en hom elke oomblik toets?
19 Vir hoe lank wil U dit nie van my af wegvat nie, of my alleen laat? Totdat ek my spoeg insluk?
20 As ek gesondig het, wat het ek aan U gedoen, o, Skepper van die mens? Waarom het U my as 'n teiken opgestel sodat ek 'n las geword het?
21 Tot wanneer sal U nie my oortreding vergewe en my boosheid verwyder nie? Nou sal ek in die stof lê en U sal my soek, maar ek sal nie meer wees nie."

- 8** 1 Toe het Bildad, die Shuagiet, geantwoord en gesê:
2 "Hoe lank sal jy hierdie dinge praat en hoe lank sal jou mond trotse woorde uiter?
3 Sou God regverdige oordeel verdraai, of verdraai die Almagtige dit wat reg is?
4 As jou seuns teen Hom gesondig het, het Hy hulle weggestuur in hul oortreding.
5 As jy na God sou soek en 'n ernstige versoek rig tot die Almagtige,
6 as jy onskuldig en opreg is, sal Hy sekerlik aan jou aandag gee en die blyplek van jou onpartydige opregtheid voorspoedig maak
7 sodat al was jou begin klein, sal Hy jou einde baie groot maak.
8 Doen navraag by die vorige geslagte en leer deur die soeke van hulle vaders,
9 want ons is maar van gister af en weet niks nie, want ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee;
10 let op, hulle sal jou leer en jou vertel met woorde vanuit hul binneste.
11 Kan papyrus groei in 'n dorstige land? Kan riete groei waar daar geen water is nie?

- 12 Terwyl hulle nog groen is en nie afgesny is nie, verdroog hulle voor enige ander gras.
- 13 So is die pad van almal wat God vergeet. Die verwagting van die onreine,
- 14 wie se selfvertroue afgesny word en wie se huis 'n spinnerak is, sal vergaan.
- 15 Die bese sal op sy huis vertrou, maar dit sal nie staan nie; hy sal dit vashou, maar dit sal nie staande bly nie.
- 16 Hy is soos groen gras voor die son en sy wortels sal in grond rus wat weggespoel sal word.
- 17 Hy sal sy huis sien as 'n hoop klippe.
- 18 As hy ontwortel word uit sy plek, dan sal hy Hom ontken en sê: "Ek het U nie gesien nie."
- 19 Let op, dit is Hy wat al sy lewenswyses ondersoek en vanuit die grond sal ander uitspruit!
- 20 Let op, God sal nie die opregte man verwerp en ook nie boosdoeners help
- 21 totdat Hy jou mond volmaak met gelag en jou lippe met 'n lied, nie.
- 22 Hulle wat jou haat, sal aangetrek word met skaamte en die tent van die bese sal vernietig word!"

9 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:

- 2 "Waarlik, ek weet dat dit so is, maar hoe kan 'n mens onskuldig verklaar word voor God?
- 3 As hy met Hom sou twis, kan hy Hom nie een uit 'n duisend antwoord nie.
- 4 Hy is wys van verstand, wil en emosie en sterk van krag; wie het homself teen Hom verhard en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gehad?
- 5 Hy wat berge verwyder en hulle omverwerp in Sy woede. Weet hulle dit nie?
- 6 Hy skud die aarde uit sy fondasies en sy inwoners bewee;
- 7 Hy beveel die son en dit kom nie op nie en verseël die sterre.
- 8 Hy alleen strek die hemel uit en loop op die magtige golwe van die see.
- 9 Hy het die 'Groot Beer' gemaak, die 'Pleiades (Sewe-ster)', die Orion en die 'Kamers van die Suide'.
- 10 Hy het groot dinge gedoen wat nie uitgevind kan word nie, ja en wonders sonder getal.
- 11 Let op, as Hy by my verby sou gaan, sal ek Hom nie sien nie en as Hy rondom my sou draai, sou ek Hom nie opmerk nie.
- 12 Let op, as Hy sou vernietig, wie kan Hom teëstaan? Wie kan vir Hom sê: 'Wat maak U'?
- 13 God sal Sy woede nie wegdraai nie; die magtiges sal onder Hom verneder word.
- 14 Ek sal Hom ook antwoord en my woorde kies in Sy Teenwoordigheid.
- 15 As ek nie regverdig verklaar word nie, sal ek dit nie teëstaan nie, maar ek sal my Regter smeek om guns.
- 16 As ek sou roep en Hy antwoord my, sou ek nie glo dat Hy antwoord op my stem nie,
- 17 want Hy het my met 'n stormwind platgedruk en my wonde sonder oorsaak vermeerder.

- 18 Hy sal my nie toelaat om my asem te kry nie, maar vul my met bitterheid.
19 As dit 'n kwessie van krag is, let op, Hy is magtig; van oordeel, wie kan Hom aankla?
20 As ek myself regverdig, sal my eie mond my veroordeel; al sê ek ek is rein, Hy sou my ook pervers bewys.
21 Al is ek rein, tog sou ek nie my lewe ken nie; ek sou my lewe verag!
22 Dit is alles dieselfde; daarom sê ek: 'Hy vernietig beide die regverdige en die bose.'
23 As Sy gésel skielik doodmaak, sal Hy lag vir die dwaasheid van die onskuldiges.
24 Die aarde is aan die mag van die bose oorgelewer en die gesigte van die regters is bedek; indien nie, wie kan hulle woede verdra?
25 Nou is my dae vinniger as 'n hardloper; hulle vlug weg, hulle sien niks goeds nie.
26 Hulle gaan verby soos die skepe van die vyand, soos 'n arend wat neerskiet op sy prooi.
27 Ek het my bitterheid vergeet; as my gedagtes en my denke my alleen sou los, dan sou ek rus vind.
28 Alhoewel ek rus, is ek bang vir elke smart, want ek weet dat U my nie onskuldig sal verklaar nie.
29 Let op, as ek tog skuldig verklaar word, waarom werk ek tevergeefs?
30 Al was ek my met sneeu, my hande met seep, ^{Yir 2:22}
31 tog gooi U my in die put en my eie klere is vir my afstootlik,
32 want God is nie 'n man soos ek sodat ek Hom mag antwoord en dat ons saam sou kom vir 'n regsak nie.
33 Ag, as daar maar 'n regter tussen ons was wat sy hand op ons albei sou plaas.
34 Laat Hy Sy lat van my af wegvat en laat Sy vrees my nie bang maak nie;
35 dan sal ek praat en nie bang wees vir Hom nie, want ek was nooit teen Hom nie.
- 10** 1 Ek is moeg vir my lewe; ek het in my oordeel geargumenteer; ek sal praat in die bitterheid van my lewe.
2 Ek sal vir God sê: 'Veroordeel my nie; wys my waarom U met my twis.
3 Is dit nie vir U genoeg om te sien dat U onderdruk nie, dat U die arbeid van U hande verag en die planne van die bose aanvaar nie?
4 Is U vlees, of sien U soos 'n mens sien?
5 Is U dae soos die dae van die mens, of U jare soos die dae van 'n man
6 dat U vra na my ongeregtheid en soek na my sonde?
7 U weet dat ek onskuldig is en daar is niemand wat homself uit U hand kan bevry nie.
8 U hande het my gemaak en my gevorm en daarna begeer U om my te veroordeel en te vernietig.
9 Onthou dat U my soos klei gevorm het en wil U my weer tot stof maak? ^{Gen 2:7; 3:19}
10 U het my gekarring soos melk en my dik gemaak soos kaas.
11 U het my met vel en vlees aangetrek en my met beendere en senings versterk.
12 U het aan my lewe en vrede gegee en U opdragte het my gees beskerm
13 en hierdie dinge het U in U binneste weggesteek, ek weet dat dit in U gedagtes is.

- 14 As ek sondig, hou U my dop en U spreek my nie vry van my boosheid nie.
 15 As ek boos is, wee my! As ek regverdig is, kan ek steeds nie my kop optel nie. Ek het genoeg van teregwyding, ek het my oortreding gesien.
 16 As ek myself verhoog, jag U my soos 'n leeu en dan draai U en wys Uself reusagtig oor my.
 17 U het U pantser teen my opgestel en U ontevredenheid met my vergroot. U bring een leërmag na die ander teen my!
 18 Waarom het U my dan uit die baarmoeder laat uitgaan? U moes dat ek gesterf het en nie een oog my gesien het nie.'
 19 Ek moes wees asof ek nie leef nie; ek moes van die baarmoeder na die graf gedra gewees het.
 20 Die dae van my lewe is min. Laat my alleen sodat ek mag stil wees en 'n bietjie rus
 21 voordat ek gaan waarvandaan ek nie terugkom nie, die land van duisternis en die skaduwee van die dood,
 22 'n land van eensaamheid en diep donkerheid en van die skaduwee van die dood, sonder enige orde of tyd, bemoeisaam, soos 'n diep put!'"

11 1 Toe antwoord Tzofar, die Na'amahiet en sê:

- 2 "וְהָיָה" antwoord nie as gevolg van die oorvloed van woorde nie, net so kan 'n vaardige spreker nie regverdig word deur sy redevoering nie.
 3 Let op, ná jou woorde kan net dié wat dood is, stilbly, want wanneer jy praat, is daar niemand om jou te stop nie en wanneer jy spot, is daar niemand om jou tereg te wys nie,
 4 want jy sê: 'Ek is regverdig gelei en is rein in my oë.'
 5 Ag, as God egter net wou praat en Sy lippe teenoor jou oopmaak
 6 en aan jou die geheime van wysheid sou wys, want wysheid het binneste kamers; dan sal jy weet dat God jou sondes sal vergewe.
 7 Kan jy die diep dinge van God verstaan, of kan jy staan by die buitenste grense van die Almagtige?
 8 Ken jy die hoogtes van die hemel, of die dieptes van Sh'ol? Hoe kan jy weet?
 9 Die mate daarvan is langer as die aarde en wyer as die see.
 10 As Hy sou verbygaan en beleër, of 'n mens laat sterf, wie kan Hom keer?
 11 Want dit is Hy wat die begin van tyd ken en boosheid sien en dit ondersoek,
 12 want 'n rein man inspireer dapperheid en 'n magtige man help ander.
 13 As jy jou verstand, wil en emosie regmaak en jou hande uitsteek na Hom;
 14 as daar boosheid aan jou hande is, sal Hy dit ver weg verwyder en boosheid nie in jou tent laat bly nie,
 15 want dan sal jy dapper wees, ja, jy sal nie bang wees vir spanning nie,
 16 want jy sal jou lyding vergeet en jy sal gelei word soos lopende water
 17 en die put sal helderder wees as die middag en die dik duisternis sal wees soos die oggend!
 18 Dan sal jy selfvertroue hê, want daar is versekerde verwagting; ja, jy lê en vat jou rus in veiligheid.

19 Jy sal ook lê en niemand sal jou bang maak nie, ja, baie sal begeer om jou te sien,
20 maar die oë van die bese sal faal en hulle krag sal verdwyn saam met die verwagting
van hulle lewe.”

12 ¹ Iyov het geantwoord en gesê:

- 2 “Waarlik, julle is die mense en wysheid sal saam met julle uitsterf,
3 maar ek het ook insig, net soos julle; ek is nie minderwaardig teenoor julle nie, maar
aan wie is sulke dinge soos dié nie bekend nie?
4 Tog word hy wat hom op God beroep belaglik vir sy vriende en Hy wat tevrede is
met die regverdige wat vlekkeloos is, antwoord hom
5 wat gereed is om afstand te doen van minagting en boosheid en die glyende voete
te versterk.
6 Die tent van rowers sal verwyder word asook die selfvertroue van hulle wat God
tart, want daar is geen God in hulle verstand, wil en emosie nie,
7 maar vra nou die diere en hulle sal jou leer; die voëls van die hemel en hulle sal jou
vertel;
8 of praat met die aarde en dit sal jou leer en die visse van die see sal dit vir jou
verklaar.
9 Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van יהוה hulle gemaak het nie?
10 Want in Sy hand is die lewe van elke lewende ding en die gees van die ganse
mensdom.
11 Die oor hoor die woorde en die verhemelte proe kos.
12 By die oudstes is wysheid en in lengte van dae insig.
13 By Hóm is wysheid en mag; Hy het raad en insig.
14 Let op, as Hy afbreek, wie kan bou en as Hy iemand opsluit in die tronk, wie kan
dit oopmaak?
15 As Hy die waters terughou, droog hulle op; as Hy hulle loslaat, verwoes hulle die
land.
16 By Hóm is krag en wysheid; by Hom is mag en verlossing.
17 Hy lei konings wonderbaarlik en maak regters tot dwase.
18 Hy bring konings af om te bedel by die poorte en gordel hulle heupe vas met
gordels van krag.
19 Hy lei priesters met respek en oorweldig die magtige.
20 Hy kanselleer die raad van betroubare raadgewers en neem die goeie oordeel van
die oudstes weg.
21 Hy gooi veragting uit oor die prinse en verswak die krag van die magtiges.
22 Hy openbaar diep dinge uit die duisternis en bring die lig vanuit die skaduwee van
die dood.
23 Hy laat die nasies foute maak en vernietig hulle; Hy slaan die nasies neer en verlaat
hulle.
24 Hy neem die insig weg van die leiers van die mense op aarde en laat hulle dwaal in
’n wildernis waar geen pad is nie.
25 Hulle soek in die duisternis sonder lig en hulle tas rond in die duisternis sonder
begrip en Hy laat hulle slinger soos ’n dronk man.

- 13** 1 Let op, my oog het alles gesien, my oor het dit gehoor en verstaan.
2 Wat julle weet, weet ek ook; ek is nie minderwaardig teenoor julle nie,
3 maar ek sal met die Almagtige praat en die bewys met Hom beredeneer,
4 maar julle is vervalsers van leuens; julle is almal waardelose geneeshere.
5 Ag, as julle maar saam sou stilbly, sou dit vir julle tot wysheid wees!
6 Hoor nou my teregwyding en luister na die pleidooi van my lippe.
7 Wil julle boos praat teen God en misleidend teen Hom praat?
8 Wil julle Hom respekteer; wil julle argumenteer met Hom?
9 Is dit vir julle goed as Hy julle ondersoek, of as julle deur Hom beoordeel word soos deur 'n mens?
10 Hy sal julle sekerlik bestraf as julle partydig is.
11 Sy Eksellensie sal wraak teen julle soek en Sy angswekkendheid sal julle oorval.
12 Onthou dat julle krag van die aarde af kom en julle blyplek van klei is.
13 Bly stil, laat my met rus sodat ek ook mag praat en alles vertel wat oor my gekom het.
14 Waarom word ek so aangeval en waarom is my lewe aan gevaar blootgestel?
15 Alhoewel Hy my sou doodmaak, steeds sal ek na Hom soek, want my lewenswyse is voor Hom. Dan 3:17,18; Fil 1:18-20
16 Hy sal ook my Verlosser wees, want 'n toneelspeler van 'n vals karakter sal nie in Sy Teenwoordigheid kom nie.
17 Luister intens na my rede en ek sal my verklaring in jou teenwoordigheid gee.
18 Let nou op, ek bepleit my saak; ek weet dat ek onskuldig is.
19 Wie is hy wat met my sal stry? Nou sal ek stil wees en rus.
20 Laat net twee dinge nie van my af weggaan nie, dan sal ek my nie van U af wegdraai nie:
21 moenie U hulp van my af onttrek nie en laat vrees vir U my nie beangs maak nie.
22 Roep dan na my en ek sal antwoord, of laat my praat en antwoord U my.
23 Hoeveel is my booshede en sondes? Maak aan my bekend my rebellie en my sonde.
24 Waarom verberg U U gesig vir my en beskou my as U vyand?
25 Sal U op 'n gevalle blaas trap en sal U die droë gras in die lug agtervolg?
26 Want U verklaar straf teen my en laat my die booshede van my jeug onthou;
27 U plaas ook my voete in die blokke en hou al my lewenswyses dop. U sien die spore van my voete.
28 Tog is 'n mens soos 'n verslete watersak en 'n kleed wat deur die motte geëet is.
- 14** 1 Die mens wat uit 'n vrou gebore is, is kort van dae en vol moeilikheid.
2 Hy spruit uit soos 'n blom, verwelk en kwyn weg; hy vlug soos 'n skaduwee en hou nie stand nie.
3 Maak U U oë oop oor so een en bring hom tot oordeel voor U?
4 Wie kan 'n rein ding voortbring uit die onreine? Nie een nie!
5 Aangesien sy dae bepaal is en die getal van sy maande vasgestel is, het U sy grense vasgestel wat hy nie kan oortree nie;
6 draai U gesig weg van hom af en sy dae sal wees soos die van 'n huurling,

- 7 want as 'n boom afgekap word, is daar versekerde verwagting dat dit weer sal uitspruit en sy sagte lote sal nie ophou nie.
- 8 Alhoewel sy wortel oud word in die aarde en sy stam sterf in die grond,
- 9 tog, by die reuk van water sal dit uitspruit en blare voortbring soos 'n plant, ^{Yeg 47:9}
- 10 maar 'n mens sterf en kwyn weg, ja, 'n mens sterf en hy is nie meer nie.
- 11 Soos die waters verdwyn uit die see en 'n rivier verlate word en opdroog,
- 12 so staan die mens wat lê nie weer op nie. Totdat die hemele nie meer is nie, sal hulle nie wakker word of uit hul slaap opgewek word nie.
- 13 Ag, dat U my in Sh'ol sou wegsteek; dat U my in 'n geheime plek sou wegsteek totdat U woede uitgewoed is; dat U 'n bepaalde tyd vir my sou aanstel en my onthou!
- 14 As 'n mens sterf, sal hy weer lewe? Al die dae van sy jeug wag hy tot die oudag kom.
- 15 As U my sou roep, sal ek U antwoord; U sal dink aan die werk van U hande,
- 16 want nou tel U nie my treë nie en U hou nie wag oor my sondes nie.
- 17 My rebellie is verseël in 'n sak en my sondes verwyder.
- 18 Waarlik, 'n groot berg val en 'n rots beweeg uit sy plek;
- 19 die waters verslyt die klippe en was die grond van die aarde weg; so vernietig U die hoop van die mens.
- 20 U hou voortdurend aan teen hom en hy gaan verby; U gooi hom weg met skande op sy gesig.
- 21 As sy seuns vermeerder, weet hy dit nie; as hulle minder word, merk hy dit nie op nie,
- 22 maar die vlees aan hom sal pyn hê en die lewe in hom sal treur."

- 15** 1 Toe het Élifaz, die Temaniet, geantwoord en gesê:
- 2 "Sal 'n geestelik wyse man antwoord met kennis en dan woedend word?
- 3 Sal hy onderrig deur gewone praatjies of met waardelose woorde?
- 4 Ja, jy verwerp ook respekvolle vrees en praat te veel in die Teenwoordigheid van God,
- 5 want jou mond is gewoond om sondige dinge te uiter en jy verkies die misleidende tong van die listiges.
- 6 Jou eie mond veroordeel jou en nie ek nie; ja, jou eie lippe getuig teen jou in my teenwoordigheid.
- 7 Is jy die eerste mens wat gebore is, of is jy gevorm voor die heuvels?
- 8 Het jy die geheime van God gehoor; is Sy wysheid aan jou openbaar; ^{Rom 11:34}
- 9 of wat weet jy wat ons nie weet nie, of wat verstaan jy wat ons nie verstaan nie?
- 10 Let op, daar is tussen ons hulle met grys hare en die baie ou manne, baie ouer in dae as jou vader.
- 11 Praat minder van God se dreigemente en praat sagkens met jouself.
- 12 Waarom roem jou verstand, wil en emosie en tot wat knip jou oë ^{Ps 35:19}
- 13 dat jy roem in die Teenwoordigheid van God en sulke woorde uit jou mond laat kom?

- 14 Wat is die mens sodat hy onskuldig sou wees, of hy wat uit 'n vrou gebore is sodat hy regverdig sou wees?
- 15 Let op, Hy plaas geen vertrouwe in Sy afgesonderdes nie; ja, die hemele is nie rein in Sy oë nie.
- 16 Alhoewel die mens verwerp en gepynig behoort te word, sal hy nogtans boosheid drink soos water!
- 17 Luister na my, ek sal jou wys en dit wat ek gesien het, wil ek herhaal;
- 18 dit wat die wyse manne verkondig het en nie van hulle vaders weggesteek is nie,
- 19 aan wie alleen die land gegee is en geen vreemdeling het tussen hulle deurgetrek nie.
- 20 Al sy dae verhoog die bese man homself en die getal van die jare van die gewelddaan is verborge.
- 21 'n Skrikwekkende klank is in sy ore; in oorvloed sal die Vernietiger oor hom kom. ^{1 Thes 5:3}
- 22 Hy glo nie dat hy omvergewerp sal word as gevolg van die duisternis en dat hy die swaard sal sien nie.
- 23 Hy vlug as gevolg van die dreigement van oordeel; hy weet nie dat die dag van duisternis reeds op hande is nie.
- 24 Moeilikheid en angs sal hom oorval, soos 'n koning gereed vir die geveg
- 25 omdat hy sy hand uitgesteek het teen God en homself versterk het teen die Almagtige.
- 26 Hy het Hom trots tromp-op stormgeloop met die menigte van sy skilde,
- 27 want hy het homself mislei met sy rykdom en stel sy sterkte voor sy selfvertroue
- 28 en hy bly in verlate stede, wat geen man bewoon het nie; dan berei hy voor vir oorlog.
- 29 Hy sal nie voortgaan nie en sy krag sal nie uithou nie en ook sal sy woorde nie op die aarde gevestig word nie.
- 30 Hy sal nie uit die duisternis uitkom nie, die vlam sal sy takke opdroog en deur die asem van sy mond sal hy verwerp word.
- 31 Laat hom nie vertrou op misleidende nietighede nie, want sy groei is nutteloos.
- 32 Hy sal uitdroog voor sy tyd en die werke van sy hande sal nie gevind word nie.
- 33 Hy sal sy onryp druiwe afskud soos die wingerdstok en sy bloeisels afgooi soos die olyfboom,
- 34 want die vergadering van die onreines sal verlate wees en vuur sal die tente van omkopery verteer.
- 35 Hulle is met moeite bevrug, gee geboorte aan boosheid en hulle maag is vol bedrog."

16 ¹ Toe het Iyov geantwoord en gesê:

- 2 "Ek het al baie sulke dinge gehoor; julle is almal bese vertroosters.
- 3 Moenie my gees bedroef met woorde nie; al praat julle, sal ek nie antwoord nie.
- 4 Ek kan ook praat soos julle; ek wens julle was in my plek, dan kon ek julle toets met woorde en my kop vir julle skud.
- 5 Ek sou julle met julle eie woorde toets en die woorde van my lippe sal julle nie spaar nie!

- 6 As ek praat, word my pyn nie versag nie en as ek vooruit kyk, wie kan my troos?
7 Nou het Hy my egter uitgeput en tog my hele getuienis bewaar.
8 U het my aangestel en ek het 'n getuie geword, maar my mislukking het teen my opgestaan en getuig in my gesig.
9 Dit het my verskeur en gebreek in sy woede; vir my geknars op sy tande; my vyand maak sy oë skerp vir my.
10 Hulle het my met oop monde in verwyt aangejaap; my op my wange geslaan; hulle is gevul met woede teen my.
11 God het my oorgelewer aan die perverse mense en my in die hande van die bose gegee.
12 Ek was rustig en hy het my neergeslaan en my ook aan die nek gegryp en my aan stukke geskud en my opgestel as sy teiken.
13 Sy pyle is rondom my; hy skiet na my niere en spaar my nie; hy gooi my gal uit op die grond.
14 Hy breek my opening na opening, hy loop my storm soos 'n magtige.
15 Ek het 'n roukleed oor my vel gegooi en my kop met stof bedek.
16 My gesig is moeg van huil en op my ooglede is die skaduwee van die dood,
17 maar nie vir enige oortreding van my hande nie; ook my gebed is rein.
18 O aarde, moenie my bloed bedek nie en laat my uitroep geen plek hê nie.
19 Ook nou, let op, my Getuie is in die hemel en Hy wat saam met my getuig, is in die hoë plekke.
20 My vriende en my naaste, my oë stroom trane uit voor God.
21 O, dat iemand kan pleit vir 'n man by God soos 'n mens vir sy naaste pleit,
22 want die getal van 'n man se jare sal tot 'n einde kom; dan sal hy gaan op die pad vanwaar hy nie sal terugkeer nie.

- 17** 1 My gees is vernietig, my dae is uitgewis, die graf is gereed vir my,
2 want daar is geen valsheid in my nie en tog dwaal my gees in hulle bitterheid.
3 Ek bid, maak my 'n gyselaar by U, dan sal ek myself oorgee,
4 want U het hulle verstand, wil en emosie weggesteek vir begrip; daarom sal hulle hulself oplik in hul misleiding.
5 Wanneer 'n vriend skadelik optree teenoor sy vriend, sal selfs die oë van sy seuns faal.
6 Hy het krag gegee aan die nasies; ek sal gespot word voor hulle.
7 My oë is dof as gevolg van woede en al my sintuie is soos 'n skaduwee.
8 Opregte mense sal verbaas wees hieroor en die onskuldige sal homself opwerk teen die skuldiges.
9 Die regverdige sal vashou aan sy lewenswyse en hy wat rein hande het, sal sterker en sterker word,
10 maar, wat julle almal betref, julle is valse toneelspelers; tog keer julle terug en kom na my toe, maar 'n wyse man kan ek nie onder julle vind nie.
11 Julle tydverspelers, nikswerds wat aan niks dink nie. Vernietigers van die verstand, wil en emosie van die volk.
12 Julle verander die nag na dag en julle bring die lig uit voor die donker verby is.

- 13 As ek wag, is Sh'ol my tuiste; ek het my bed in die duisternis gemaak.
14 Ek het vir vernietiging gesê: 'Jy is my vader; vir die wurms: jy is my moeder en my suster.'
15 Waar is nou my versekerde verwagting en my vertroue? Wat my versekerde verwagting betref, wie sal dit vind?
16 Hulle sal afgaan na die dieptes van Sh'ol, hulle sal saam afgaan in die stof."

- 18** 1 Toe het Bildad, die Shuagiet, geantwoord en gesê:
2 "Hoe lank sal julle woorde teëstaan? Verstaan en daarna sal ons praat.
3 Waarom word ons as diere gereken en word ons verwerplik in jou oë beskou, jy wat jouself in jou woede doodmaak?
4 Sal die aarde in die steek gelaat word om jou ontwil en sal die berg uit sy plek verwyder word?
5 Ja, die lamp van die bose sal uitgeblus word en die vonk van sy vuur sal nie skyn nie.
6 Die lig sal donker wees in sy tent en sy lamp bo hom sal uitgedoof word.
7 Hy sal verlaat word in sy siekte en sy eie raad sal hom neergooi,
8 want hy het sy voete uitgestrek na die net en hy loop aanhoudend oor 'n strik.
9 Die strik vang hom aan die hakskeen en dors sal hom oorweldig.
10 'n Vangstrik is vir hom gestel in die grond en 'n valstrik op sy pad.
11 Angswekkendheid sal hom bang maak aan alle kante en hom op sy voete jaag.
12 Laat honger sy droefheid wees, laat verwoesting gereed wees vir sy nageslag.
13 Laat mag sy dorpe verteer, laat sy eersgeborene in geweld sterf.
14 Sy selfvertroue sal uit sy tent weggeruk word en hy sal haastig deur die koning se laksman gebring word.
15 Ander sal in sy tent bly, want daar is niemand in nie; swael sal oor sy blyplek gestrooi word.
16 Sy wortels sal onder opgedroog word en bo sal sy opbrengs afgesny word.
17 Sy nagedagtenis sal vergaan van die aarde af en hy sal geen naam daarop hê nie.
18 Hy sal vanaf lig die duisternis ingedryf word en uit die wêreld uitgejaag word.
19 Hy sal geen naam of herinnering onder die volk hê nie of enige oorlewende in sy blyplek nie.
20 Hulle wat ná hom kom, sal verbaas wees oor sy dag, soos hulle wat vóór hul gekom het, beangs was.
21 Sekerlik, so is die blyplek van die perverse en dit is die plek van hom wat God nie ken nie."

- 19** 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 "Hoe lank sal julle my lewe bedroef en my siek maak met woorde?
3 Let op, hierdie tien keer het julle my bestraf en tog is julle nie skaam dat julle my treurig maak nie.
4 As ek inderdaad oortree het, bly my fout by my.
5 As julle julself regverdiglik teenoor my opgehef het, my bestraf en verag het,
6 weet dan dat Gód my veroordeel het en Sy net oor my uitgesprei het.

- 7 As ek uitroep, antwoord niemand my nie en as ek kla is daar niemand om my te wreek nie.
- 8 Hy het my lewenspad toegemuur sodat ek nie kan verbygaan nie en Hy het duisternis oor my paaie gestel.
- 9 Hy het my eer en lof van my afgestroop en die kroon van my kop af weggevat.
- 10 Hy het my aan alle kante vernietig en ek bestaan nie meer nie en my versekerde verwagting het hy verwyder soos 'n stukkie hout.
- 11 Hy het ook Sy woede teen my opgestook en tel my as Sy vyand.
- 12 Sy boodskappers het saamgekom teen my, hulle het hulle lewenswyses teen my debatteer en rondom my tent uitgekamp.
- 13 My broers is ver weg van my af en hulle wat my ken, het my verlaat.
- 14 My familie het my gefaal en my vertroude vriende het my in die steek gelaat.
- 15 My slavinne en hulle wat in my huis bly, beskou my as 'n vreemdeling; ek is 'n onbekende in hulle oë.
- 16 Ek het my dienskneg geroep en hy antwoord my nie; ek smeeek hom met my mond.
- 17 Ek het 'n vreemdeling geword en ek het gesoek na die seuns van my eie liggaam.
- 18 Ja, selfs die bose verag my; as ek opstaan, praat hulle teen my.
- 19 Al my raadgewers verafsku my; selfs my vriende het teen my gedraai.
- 20 My vel en my vlees kleef aan my gebeente vas en ek ontsnap met die vel van my tande (net-net).
- 21 Gee om vir my, gee om vir my, o my vriende, want die hand van God was teen my!
- 22 Hoekom vervolg julle my net soos God en julle is nie tevrede met die seerkry van my vlees nie?
- 23 Ag, dat my woorde nou opgeskryf mag word, dat hulle in 'n boekrol opgeteken word,
- 24 dat hulle vir ewig met 'n ystergriffel op lood of in 'n rots graveer word,
- 25 want ek weet my Verlosser leef en aan die einde sal Hy Homself op die aarde openbaar.
- 26 Alhoewel vretende wurms my vel en my vlees oordek het,
- 27 tog, as my oë God sal sien, dan sal my verstand, wil en emosie ook die lig sien, maar nou is my liggaam verteer, ^{Hav 3:17-18}
- 28 want julle sal sê: 'Hoekom het ons hom vervolg? 'n Goeie verslag sal my volg en my vryspreek.
- 29 Red jouself van die swaard, want die woede van sondaars is 'n swaard, want julle sal nog leer dat daar 'n oordeel is.'
- 20** 1 Toe het Tzofar, die Na'amahiet, geantwoord en gesê:
- 2 "My dissipline het my daarom laat onderskei en vir my hulp by my gebly.
- 3 Ek sal jou die instruksies van my dissipline laat hoor en die gees van my insig sal my laat antwoord.
- 4 Dit weet ek van ouds af, sedert die mens op die aarde geskep is:

- 5 die triomfering van die bose is van korte duur en die vreugde van die onreine is maar net vir 'n oomblik.
- 6 Alhoewel sy hoogheid opgaan na die hemel en al raak sy kop aan die wolke,
- 7 tog sal hy vir ewig vergaan soos 'n warrelwind; dié wat hom gesien het, sal vra: 'Waar is hy?'
- 8 Hy sal wegvlieg soos 'n droom en sal nie gevind word nie; ja, hy sal weggejaag word soos visioene in die nag.
- 9 Ook die oog wat hom gesien het, sien hom nie meer nie en ook sal hulle sy plek nie meer sien nie.
- 10 Sy kinders sal onderdruk word met armoede en hy sal sy hande uitsteek na hulle toe.
- 11 Sy gebeente is vol murg (lewenskrag), maar dit sal saam met hom in die stof lê.
- 12 Alhoewel sy boosheid soet is in sy mond, alhoewel hy misleiding onder sy tong wegsteek,
- 13 alhoewel hy dit spaar en dit nie laat staan nie, maar dit stilhou in sy mond,
- 14 nogtans draai sy kos om in sy maag, dit is die gal van adders in hom.
- 15 Die rykdom wat hy afgesluk het, sal hy opbring vanuit sy maag en God sal hom vernietig.
- 16 Hy sal die gif van adders opsuig, die tong van 'n adder sal hom doodmaak.
- 17 Hy sal nie die riviere, die vloede, die strome van heuning en botter sien nie.
- 18 Dit waarvoor hy gewerk het, sal hy teruggee en dit nie insluk nie; dit wat hy deur afpersing verkry het, sal hy nie geniet nie,
- 19 want hy het daaraan gedink om die armes in die steek te laat, want hy het gewelddadig 'n huis weggevat wat hy nie gebou het nie.
- 20 Omdat hy self geen regverdige oordeel geken het nie, sal hy nie gespaar word deur sy geldgierigheid nie.
- 21 Geen van sy nageslag sal gespaar word nie; daarom sal sy goeie nie onthou word nie.
- 22 Met die maat waarmee hy gemeet het, sal hy terugbetaal word; die hand van die bose sal op hom kom.
- 23 Mag sy nageslag vernietig word, mag God Sy gloed van woede oor hom gooi en hom laat oorstroom terwyl Hy teen hom oorlog maak,
- 24 want alhoewel hy ontvlug het as gevolg van die borsplaat van yster, sal die koper boog hom deurboor.
- 25 Dit word uitgetrek en dit bring sy ingewande uit en die vel van sy gal sal gebreek word; angs sal voortdurend op hom wees!
- 26 Volle duisternis is bewaar vir sy nageslag; 'n brandende vuur sal hom verteer en die een wat in sy tent oorbly sal vernietig word.
- 27 Die hemel sal sy sondes openbaar en die aarde sal homself teen hom wreek.
- 28 Die fondasies van sy huis sal oopgelaat word en hy sal geskroei word op die dag van Sy woede.
- 29 Dit is die gedeelte vanaf God vir die bose mens en die erfenis wat vir hom bestem is van die Hoogste.”

- 21 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
2 “Luister ernstig na my woorde en laat dit julle vertroosting wees.
3 Verdra my sodat ek mag praat en nadat ek gepraat het, spot dan met my.
4 Ek sal my klagte teenoor 'n mens uitspreek; waarom my gees ontsteld is.
5 Draai om na my, wees verstom en lê jou hand op jou mond.
6 Selfs as ek daaraan dink, bewe ek en ang's gryp my vlees aan.
7 Waarom bly die bese lewe en waarom is die magtiges vol krag vir jare?
8 Hulle nageslag word voor hulle bevestig saam met hulle en hulle seuns voor hulle oë.
9 Hul huise is veilig van vrees en ook is die lat van God nie op hulle nie.
10 Hulle bul teel en faal nie; hulle koei kalf en het geen miskraam nie.
11 Hulle kinders staan vas soos 'n trop en hulle seuns dans.
12 Hulle vat die tamboeryne en harpe en verheug hul by die klank van sang.
13 Hulle spandeer hul dae in oorvloed en gaan dan skielik af na Sh'ol.
14 Hulle sê vir God: ‘Gaan weg van ons af, want ons begeer nie om U lewenswyses te ken nie.’
15 Hulle sê verder: ‘Wie is God dat ons Hom sou dien en wat sal dit ons baat dat ons tot Hom sal bid?’
16 Let op, hulle het geen mag oor hulle voorspoed nie; die raad van die bese is ver van my!
17 Hoe dikwels word die bese sonder 'n erfgenaam gelaat! Hoe dikwels kom hul vernietiging oor hulle! God deel smarte uit in Sy woede.
18 Hulle is soos strooi voor die wind en soos kaf wat die storm wegdra.
19 God sit die boosheid van 'n man eenkant vir sy kinders; Hy betaal dit terug aan hom en hy sal dit weet!
20 Sy eie oë sal sy vernietiging sien en hy sal drink van die woede van die Almagtige,
21 want watter plesier het hy in sy huis wat ná hom is, as 'n gedeelte van sy jare vir sy nageslag opsy gesit word?
22 Sal enige een vir God kennis leer, ^{Yes 40:13,14; Rom 11:34; 1 Kor 2:16} aangesien Hy die Een is wat die trotses oordeel?
23 Een sterf in volle krag, liggaamlik gesond, volledig selfversekerd en gemaklik.
24 Sy liggaam is vol vet en sy gebeente is vol murg
25 en 'n ander sterf in die bitterheid van sy lewe, wat nooit voorspoed gesmaak het nie.
26 Hulle sal saam in die stof lê en die wurms sal hulle bedek.
27 Let op, ek ken julle gedagtes en die slim planne wat julle verkeerdelik teen my smee,
28 want julle sê: ‘Waar is die huis van die edelman en waar is die plek waar die bese sy tent opgeslaan het?’
29 Het julle nie die verbygangers gevra nie; herken julle nie hulle tekens nie?
30 Want die bese man word opsy gesit vir die dag van vernietiging, hy sal onthou word in die dag van woede.

- 31 Wie kan vir hom die pad wys en wie sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het?
32 Nogtans sal hy na die graf gebring word, hy is opsy gesit vir teëspoed.
33 Die diepte van die vallei sal hom insluk en baie sal agter hom ingetrek word, net soos daar ontelbares voor hom was.
34 Hoe kan julle my dan sonder rede troos, aangesien julle verwerplike antwoorde voor my vermenigvuldig?"

- 22** 1 Toe het Élifaz, die Temaniet, geantwoord en gesê:
2 "O mens, kan jy met God gesels? Is jy gelyk aan Hom in wysheid?
3 Wat baat jy deur te probeer om dit te laat lyk asof jou lewenswyse volmaak is omdat jy bang is?
4 Hy sal jou bestraf en jou oordeel.
5 Let op, jou boosheid is groot en daar is nie einde aan jou sonde nie,
6 want jy het sonder rede 'n pand gevat by jou broers en die naaktes gestroop van hulle klere.
7 Jy het nie water aan die vermooides gegee om te drink nie en jy het brood teruggehou van die hongeres.
8 Daar is 'n man wat vir homself 'n land saai en die magtige vat dit by hom met geweld!
9 Jy het weduwees met leë hande weggestuur en die arms van die vaderloses gebreek;
10 daarom is daar strikke rondom jou en skielike vrees laat jou bewe.
11 Waar is die duisternis sodat jy nie kan sien nie en die vloed van water wat jou bedek?
12 Let op, God is in die hoogste van die hemel en sien die hoogste van die sterre, wat baie hoog is
13 en tog vra jy: 'Hoe weet God? Kan Hy deur die dik donkerheid oordeel?'
14 Dik wolke is 'n bedekking vir Hom sodat die mens Hom nie kan sien nie en Hy loop op die sirkel van die hemel.
15 Het jy die ou pad, wat bese manne lank terug op geloop het,
16 hulle wat voor hul tyd gegryp is, wat gestop is by die oorgangsplek van die rivier van die lewe en toe nie onthou het wie hulle lewenspatroon uitgelê het nie,
17 wat vir God gesê het: 'Gaan weg van ons af, wat kan God vir ons doen', goed afgemerkt?
18 Tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is en die raad van die bese het ver van hom af weggebly.
19 Die regverdiges sal dit sien en bly wees en die onskuldige sal spottend vir hulle lag.
20 As hulle nie plat gegooi is as gevolg van hulle hardkoppigheid nie, dan sal die van hulle wat oorbly, met vuur verteer word.
21 Maak nou 'n ooreenkoms met God en offer aan Hom van jou goeie opbrengs.
22 Ontvang die wet uit Sy mond en lê Sy woorde vas in jou verstand, wil en emosie.
23 As jy sal erken en omdraai voor God, sal jy opgebou word, as jy boosheid uit jou tent sal verwyder,

24 dan sal jy silwer opgaar soos stof en die goud van Ofir soos die sand van die vallei.

25 Ja, God sal jou verdediging wees en jy sal 'n oorvloed silwer hê,

26 want dan sal jy jou gesig op lig na God toe,

27 jy sal tot Hom bid, Hy sal jou hoor en jy sal jou geloftes nakom.

28 Jy sal ook iets verklaar en dit sal vir jou vasgestel word en die lig sal skyn oor jou lewenswyse,

29 want dit word gesê: 'Hy wat homself verneder, sal opgelig word ^{Mat 23:12; Luk 18:14} en hy wat saggeaard is, sal gered word.'

30 Die onskuldige man sal gespaar word, waar hy ook al is en hy sal ontsnap deur die reinheid van sy hande."

23 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:

2 "Selfs vandag is my klagte bitter; God se hand is swaarder en vermeerder my gekerm.

3 Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind sodat ek na Sy plek kon gaan!

4 Ek sou my saak stapsgewys voor Hom bring en my mond vul met argumente.

5 Ek sou weet wat Hy my sou antwoord en verstaan wat Hy vir my sou sê.

6 Sou Hy teen my stry met Sy groot krag? As Hy nie sou nie, sal Hy Sy groot respekvolle vrees in my plaas.

7 Daar mag ek regverdiglik teen Hom kom en ek mag onskuldig verklaar en vrygespreek word.

8 Let op, as Hy voor my uitgaan, weet ek dit nie, of agter my kan ek Hom nie sien nie.

9 Ek soek Hom aan my linkerkant, maar ek kan Hom nie gewaar nie; dan draai ek na my regterkant, maar ek kan Hom nie sien nie,

10 maar dit is Hy wat my lewenswyse en my bestaan ken en my getoets het soos goud en ek het suiwer uitgekom.

11 My voete was ferm op Sy voetspore en ek het in Sy lewenswyses gebly.

12 Ek het nie die opdragte van Sy lippe verag nie en ook nie afgewyk van Sy wil af nie en die woorde van Sy mond gehou,

13 maar in antwoord hierop, wat het Hy vir my gegee? Wat Hy begeer, dit doen Hy.

14 Hy voer egter Sy verbond uit en baie sulke dinge is by Hom;

15 daarom is ek bang in Sy Teenwoordigheid; wanneer ek dit oordink, is ek bang vir Hom,

16 want God het my verstand, wil en emosie sag gemaak en my gedagtes is deurmekaar,

17 want ek is nie stilgemaak voor die duisternis of die bedekking van die donkerheid nie.

24 1 Waarom is hulle wat boos is nie verborge voor die Teenwoordigheid van God nie en waarom geniet hulle wat Hom ken nooit hulle dae nie?

2 Die bose verwyder die grenslyne; hulle vat 'n trop gewelddadig weg.

3 Hulle gryp die donkie van die vaderloses, hulle vat die weduwee se os as pand.

4 Die bose kruip weg langs die pad en die sagmoediges van die land kruip almal saam weg.

- 5 Let op, soos wilde-donkies in die woestyn gaan hulle vroeg uit, opsoek na kos vir hulle jonges.
- 6 Hulle sny hooi op 'n veld wat nie hulle s'n is nie en hulle maak druiwe bymekaar in die wingerd van die bose.
- 7 Hulle laat die naaktes bly sonder klere en hulle het geen bedekking in die koue nie.
- 8 Hulle is nat van die stortbuie oor die berge en druk hulself teen die rotse vas by gebrek aan skuiling.
- 9 Hulle vat plunder met geweld af van die vaderloses en hulle verteer die armes.
- 10 Hulle laat hul kaal gaan, sonder klere en hulle vat brood weg by die wat honger is.
- 11 Hulle buig onder die laste tydens die oesfees en is honger wanneer hulle die groot mandjie dra; hulle trap die parskuip, maar is dors. ^{Deut 27 en 28}
- 12 Uit die stad kerm die onderdruktes en die lewe van die gewondes roep uit; tog aanvaar God nie hulle gebed nie.
- 13 Hulle was in God se wêreld, maar hulle het nie Sy lewenswyses geken nie en ook nie in Sy paaie geloop nie. ^{1 Kor 3:11-15}
- 14 Die moordenaar staan teen dagbreek op en maak die arme en behoeftige dood en in die nag is hy 'n dief.
- 15 Die oog van die egbreker wag vir die duisternis en sê: 'Geen oog sal my sien nie en hy vermom sy gesig in die donker.
- 16 In die duisternis breek hulle in huise in wat hulle bedags gemerk het. Die bose ken nie die lig nie;
- 17 daarom soek hulle vir hulself die skaduwee van die dood en het dit gevind; ja, hulle is in die angswekkendheid van die skaduwee van die dood.
- 18 Hulle word vinnig weggedra oor die oppervlakte van die waters; hulle deel is vervloek op die aarde, hulle let nie op na die bekende pad van die wingerdstokke nie.
- 19 Droogte en hitte verteer die sneeuwater, net so Sh'ol vir hulle wat gesondig het.
- 20 Vanaf die baarmoeder het hulle weggedwaal; die wurms sal aan hulle suig; na die dood sal hulle nie meer onthou word nie en die bose sal soos 'n stukkie hout gebreek word.
- 21 Die onvrugbare moeder word boos behandel en hulle doen geen goed aan die weduwee nie.
- 22 Die rykdom van 'n man van krag word onderhou deur sy eie krag, hy is nie afhanklik van Goddelike leiding nie. ^{Mat 19:24; Mar 10:23-25; Luk 18:25}
- 23 Alhoewel hy veiligheid gegee word waarin hy versekerd is, tog is sy oë op sy eie bose lewenswyses.
- 24 Sulke mense word vir 'n kort rukkie opgelig, maar is gou nie meer nie; ja, almal sal laag afgebring en vernietig word; hulle verdor en word uitgeskud soos 'n graanhalm
- 25 en as dit nie is as gevolg van Sy woede nie, wie sal my dan tot leuenaar maak en my woorde tot niks maak voor God?"

- 25** 1 Toe het Bildad, die Shuagiet, geantwoord en gesê:
 2 “Heerskappy en respekvolle vrees is by Hom, Hy het vrede gemaak in Sy hoë plekke.
 3 Is daar enige getal aan Sy leërmagte en op wie skyn Sy lig nie?
 4 Hoe kan die mens dan regverdig verklaar word by God? Of hoe kan hy skuldloos verklaar word, hy wat uit 'n vrou gebore is?
 5 Let op, selfs die maan is nie helder nie; ja, die sterre is nie rein in Sy oë nie.
 6 Hoeveel minder die mens, wat stof is en die mensekind, wat 'n wurm is.”

- 26** 1 Toe het Iyov geantwoord en gesê:
 2 “Hoekom probeer jy hom help wat kragteloos is, hoekom probeer jy die arm help wat geen krag het nie?
 3 Hoe het jy hom raad gegee wat geen wysheid het nie en hoe het jy soveel leerstellinge bekend gemaak?
 4 Tot wie het jy woorde gepraat en wie se gees het uit jou uitgegaan?
 5 Let op, die magtige manne sal doodgemaak word en hulle sal stiller lê as stil waters.
 6 Sh'ol is kaal voor Hom en vernietiging het geen bedekking nie.
 7 Hy strek die noorde uit vanuit die leegheid en hang die aarde aan niks;
 8 Hy bind die waters op in Sy dik wolke en die wolke skeur nie onder dit nie.
 9 Hy hou die bedekking van die lug vas en strek Sy wolke daarin uit.
 10 Hy het die waters omring met grense totdat die dag en nag tot 'n einde kom.
 11 Die pilare van die hemel bewe en staan verstom by Sy berisping.
 12 Hy bestraf die see met Sy krag en deur Sy insig maak Hy die trotses dood.
 13 Deur Sy Gees beheer Hy die hemele; Sy hand het die vluggende slang neergeslaan.
 14 Let op, hierdie is maar net deel van Sy metodes en watse boosheid het ons teen Hom gehoor? Wie kan die grootheid van Sy mag verstaan?”

- 27** 1 Iyov het sy rede voortgesit en gesê:
 2 “So waar as God leef wat regverdige oordeel van my weggeneem het en die Almagtige wat my lewe bitter gemaak het,
 3 solank as wat die lewe in my is en die Gees van God in my neusgate is,
 4 sal my lippe nie boosheid praat en my tong bedrog verkondig nie!
 5 Dit is 'n verwerplike gedagte dat ek boosheid sou doen. Totdat ek sterf, sal ek nie my onskuld laat vaar nie.
 6 Ek hou onveranderlik aan my onpartydige opregtheid vas en sal dit nie laat los nie; my verstand, wil en emosie sal my nie veroordeel nie, ^{Open 3:12,21} so lank as wat ek lewe.
 7 Laat my vyand wees soos die moreel slegte persoon en hy wat my haat soos 'n bose persoon,
 8 want alhoewel hy rykdom vergader het, wat is die verwagting van die bose wanneer God sy lewe wegvat?
 9 God sal nie sy gebed hoor wanneer moeilikheid oor hom kom nie,

- 10 maar as hy sou vertrou in die Almagtige en altyd tot God roep, sal God hom hoor en antwoord.
- 11 Wat julle betref, ek sal julle oorgee in die hand van God sodat julle woorde nie vir Hom weggesteek sal wees nie.
- 12 Let op, julle het dit almal gesien, waarom roem julle oor niks?
- 13 Hierdie is die deel van 'n bose mens by God en die erfenis van onderdrukkers, wat hulle van die Almagtige sal ontvang:
- 14 as sy kinders vermenigvuldig, is dit vir die swaard en sy nageslag sal nie versadig word met brood nie.
- 15 Die wat van hulle oorbly, sal in die dood begrawe word en hulle weduwees sal nie oor hulle huil nie.
- 16 Alhoewel hulle silwer ophoop soos stof en klere versamel soos klei; Yes 23:18; Spr 28:8
- 17 hulle mag dit ophoop, tog sal die regverdige dit dra en ook hulle silwer verdeel,
- 18 want die bose het sy huis gebou op 'n spinnerak en sy skuilplek soos 'n skerm.
- 19 Die ryk man sal gaan lê, maar hy sal nie weer opstaan nie; hy maak sy oë oop en hy is nie meer nie.
- 20 Angs oorval hom soos waterstrome en soos 'n stormwind wat waai.
- 21 Die oostewind sal hom wegdra in die nag en hy is weg en sal hom ruk uit sy plek,
- 22 want God sal hom uitgooi sonder om jammer te wees en hy kan nie uit Sy hand ontsnap nie.
- 23 Hy sal hom klap met Sy hand en met hom spot uit Sy blyplek.
- 28** 1 Sekerlik is daar 'n myn vir silwer en 'n plek waar die goud geraffineer word.
- 2 Yster word uit die grond gehaal en koper word uit die klip gesmelt.
- 3 God maak 'n einde aan die duisternis en ken die einde van alles; die diep en donker myn en die skaduwee van die dood.
- 4 Hulle het 'n verwoeste myn van 'n vreemde volk geërf, hulle het weggedwaal van die regte pad af en hulle getalle het afgeneem tussen die mense.
- 5 Hulle breek die aarde oop waaruit voorsiening kom en van onder dit uit kom materiaal op asof dit met vuur gebrand is.
- 6 Sy klippe is die plek waar saffiere gevind word en dit het stof van goud op sy paaie.
- 7 Daar is 'n pad wat geen voël ken nie en die oog van die aasvoël nie gesien het nie;
- 8 wilde diere het nie daarop geloop nie en die leeu het ook nie by dit verbygegaan nie.
- 9 Die myner steek sy hand uit oor die harde rots om dit te breek, hy keer die berge om by hulle fondasies.
- 10 Hy verdeel die riviere deur sy mag en sy oog sien allerhande kosbare dinge.
- 11 Hy bind die riviere vas dat hulle nie oorloop nie en dit wat verborge is, bring hy aan die lig,
- 12 maar waar sal wysheid gevind word en waar is die plek van die insig daarvan?
- 13 Geen mens ken die skat daarvan nie en ook word dit net gevind in die land van die lewendes.
- 14 Die dieptes sê: 'Dit is nie in my nie' en die see sê: 'Dit is nie by my nie.'

- 15 Dit kan nie verkry word deur goud nie en silwer kan nie afgetel word as sy prys nie.
- 16 Dit kan nie verruil word vir die goud van Ofir, vir kosbare onikssteen of saffier nie.
- 17 Goud en kristal is nie daaraan gelyk nie en ook nie kosbare pêrels, juwele of smarag nie,
- 18 want die prys van wysheid is ver bo kosbare stene en ook kan gekleurde edelstene, smaragde en diamante nie gelyk daaraan wees nie,
- 19 want die prys van wysheid is bo alles en niks is gelyk daaraan nie. Die pêrels en topaas van Kush is nie gelyk daaraan nie.
- 20 Vanwaar kom die wysheid en waar is die plek van insig?
- 21 Dit is verborge vir die oë van alles wat leef en weggesteek vir die voëls van die hemel.
- 22 Vernietiging en dood sê: 'Ons het die verslag daarvan met ons ore gehoor,'
- 23 want net God ken die pad daarvan en Hy ken die plek daarvan,
- 24 want Hy kyk tot by die eindes van die aarde en sien onder die hele hemel,
- 25 want Hy het vir die wind 'n gewigsmat gemaak en die waters met 'n maat afgemeet.
- 26 Hy het 'n wet gemaak vir die reën en 'n pad vir die weerligstraal en donder.
- 27 Toe het Hy dit gesien en dit verklaar; Hy het dit gemeet en dit ook ondersoek.
- 28 Tot die mens het Hy gesê: 'Let op, die respekvolle vrees vir יהוה', dit is wysheid en om weg te bly van boosheid, is insig.' ^{” Spr 1-9}

29 1 Iyov het sy rede voortgesit en gesê:

- 2 “Ag, as ek maar was soos in die vorige maande, soos in die dae toe God na my gekyk het;
- 3 toe Hy Sy aanbidding hoog bo my kop gesit het, toe Sy lig oor my geskyn het en toe ek by Sy lig deur die duisternis geloop het.
- 4 Ag, dat ek sal wees soos in die dae toe ek in guns was, toe God in my tent gebly het;
- 5 toe die Almagtige nog rondom my was, in my jeug;
- 6 toe ek my voetstappe gewas het in botter en die rots vir my strome van olie uitgegiet het.
- 7 Toe ek uitgegaan het na die poort van die stad en uitgeroep het na die mense en my sitplek in 'n groot area voorberei het,
- 8 het die jongmanne my gesien en weggekruipe en grysaards het opgestaan en my respekteer.
- 9 Die prinse het stilgebly en hulle hand op hul mond gesit.
- 10 Die stemme van die prinse is teruggehou en hulle tong het aan hul verhemelte gekleef,
- 11 want wanneer die oor my gehoor het, dan prys dit my en wanneer die oog my gesien het, gee dit getuienis aangaande my
- 12 omdat ek die arme uit spanning bevry het en die vaderloses wat niemand gehad het om hul te help nie.

- 13 Die seën van hom wat gereed was om te vergaan, het oor my gekom en ek het die verstand, wil en emosie van die weduwee laat jubel.
- 14 Ek het onpartydige opregtheid aangetrek en dit het my bedek soos 'n kleed en simbool van regverdige oordeel.
- 15 Ek was oë vir die blinde en voete vir die lammes.
- 16 Ek was 'n vader vir die armes en die regsak van hom wat ek nie geken het nie, het ek ondersoek.
- 17 Ek het die kakebeen van die bese gebreek en die prooi uit sy tande geruk.
- 18 Toe het ek gesê: 'Ek sal reguit word soos 'n riet, ek sal die armes bevry en my dae vermenigvuldig soos die sand van die see.
- 19 My wortels is geplant by die waters en die dou lê heelnag op my takke en in die oesseisoen sal ek genooi word na die fees.
- 20 Ek sal my boog saamvat en dit nuut hou in my hand.'
- 21 Hulle het na my geluister en gewag en ag gegee op my raad.
- 22 Hulle het nie afgewyk van my woorde af nie en my spraak was vir hulle aangenaam.
- 23 Hulle het op my gewag soos vir die reën en hulle het hul monde wyd oopgemaak soos vir die lentreëns.
- 24 As ek met hulle gespot het, het hulle nie aanstoot geneem nie en hulle het nie weggedraai van die lig van my gesig nie.
- 25 Ek het hulle lewenswyses ondersoek en dan teruggekeer en geleef soos 'n koning, 'n koning by sy leëmag, soos een wat die treurendes vertroos,
- 30** 1 maar nou lag hulle vir my, hulle wat minder as ek is,
2 wie se vaders ek verag het en hulle nie gelyk geag het aan die honde (wat oud geword het) van my troppe vee nie.
3 Ja, die krag van hulle hande, watter nut sou dit vir my wees?
4 Hulle het hul krag volkome verloor.
5 Hulle is gedwing deur die allernoodsaaklikste, soos 'n dief wat van sy voete afgevee word,
6 vluggend om te bly in die kranse van die valleie, grotte van die aarde, in skeure,
7 in rotsagtige plekke en onder bosse.
8 Die kinders van dwase sal omvergewerp word saam met die kinders van die bese; hulle sal laer afgebring word as die aarde
9 en nou is ek die voorwerp van hulle spottery, ja, ek het vir hulle 'n spotwoord geword.
10 Hulle verag my, vlug ver van my af en laat nie na om in my gesig te spoeg nie
11 omdat hulle begin het om in my gesig te lag en my te verneder; hulle het ook hulle teuels in my mond gesit.
12 Hulle staan op teen my regterhand, hulle het my gepootjie; hulle het my verwar deur die verdraaidheid van hulle lewenswyse.
13 Hulle verwoes my paaie sonder rede, hulle is verheug oor wat oor my gekom het; hulle sal geen helper hê nie.
14 Hulle sal 'n groot vernietiging ly; hulle sal gebreek word deur die tornado,

- 15 want hulle het angste oor my gebring, my paaie agtervolg soos die wind en my hulp
het weggegaan soos 'n wolk.
- 16 Nou is my lewende moeg; die dae van ellende het my beetgepak.
- 17 In die nag is my gebeente in pyn en my liggaam het geen krag nie.
- 18 Ek het my kleed aangetrek en my omvou met my bo-kleed,
- 19 maar hulle het my in die modder gegooi en ek het geword soos stof en as.
- 20 Ek roep uit na U en U antwoord my nie; ek staan op en U neem my nie in ag nie.
- 21 U het my behandel soos 'n vyand teen U, met U sterk hand my teruggehou.
- 22 U lig my op na die wind, U laat my daarop ry en dan beproef U my en maak my
ellendig
- 23 en tog weet ek dat U my sal terugbring vanaf die dood na die bymekaarkomplek
van alles wat lewe,
- 24 maar Hy sal nie Sy hand teen my uitsteek nie en wanneer ek na Hom uitroep, sal
Hy my red.
- 25 Ek het in die dag gehuil vir die armes; my lewende het getreur vir die vaderloses,
- 26 maar toe ek uitgekyk het vir die goeie, het boosheid gekom en toe ek gewag het vir
lig, het duisternis gekom.
- 27 My binneste is rondgeskud en het nie gerus nie; dae van ellende het oor my gekom.
- 28 Ek het treurend geloop sonder om gegrief te wees, ek het opgestaan en gehuil in
die vergadering.
- 29 Ek het 'n broer geword vir die jakkalse en 'n vriend vir die volstruise.
- 30 My vel het gekrimp om my en my gebeente is gebrand asof met hitte.
- 31 My harp verander in 'n klaaglied en my panfluit na die stem van hulle wat huil.
- 31** 1 Ek het 'n verbond gesluit met my oë sodat ek nooit wellustig sal wees na 'n
maagd nie.
- 2 (Watter deel sou ek dan van God hê, wat daarbo is en watter erfenis van die Almagtige
wat daarbo is?)
- 3 Dit is vernietiging vir die bose en straf vir die werkers van boosheid.
- 4 Hy sien my lewenswyse en tel al my treë.
- 5 As ek met valse toneelspelers sou saamloop of my voet hardloop na bedrog,
- 6 laat my op 'n akkurate weegskaal geweeg word sodat God my integriteit sou ken!
- 7 Ek het nie met my voete van die pad afgewyk nie en my verstand, wil en emosie het
nie agter my oë aangegaan nie en ek het niks onregverdig verkry nie,
- 8 maar wanneer ek gesaai het, dan het ek geëet en wanneer ek geplant het, dan het ek
geoes en die opbrengs bymekaargemaak
- 9 en as my verstand, wil en emosie verlei is deur 'n vreemde vrou of as ek gelê en wag
het by my naaste se deur,
- 10 laat dan my vrou vir iemand anders maal en by 'n ander se plek brood maak,
- 11 want dit is boosheid, ja, so 'n oog werk 'n skelm plan uit,
- 12 want begeerte is 'n vuur wat verteer tot vernietiging toe en sal al my opbrengs
ontwortel.
- 13 As ek die saak van my slaaf of van my slavin verwerp het toe hulle 'n geskil met
my gehad het,

- 14 sonder om te verduidelik, wat sou ek dan doen as God opstaan in oordeel en wanneer Hy navraag doen, wat sal ek Hom antwoord?
- 15 Let op, Hy wat my in die baarmoeder gemaak het, het hom gemaak en ons in dieselfde baarmoeder voorberei.
- 16 As ek die armes se begeerte weerhou het of die weduwee bedrieg het,
17 of my brood alleen geëet het sonder dat die wese daarvan geëet het,
18 (want van my jeug af is ek in smart grootgemaak en van my moeder se bors af met swaarkry,)
- 19 as ek enige iemand sien omkom het sonder klere, of enige arme sonder bedekking;
- 20 hulle, intendeel, is grootgemaak op my knieë en is warm gemaak met die velle van my skape;
- 21 as ek my hand opgelig het teen die vaderloses, (wanneer ek hom by die deur gesien het, het ek hom gehelp),
- 22 laat my arm dan afval van my skouerblad af en op die been gebreek wees,
23 want die respekvolle vrees van God laat my bewes en ellende van Hom af het op my gekom en as gevolg van ang was ek nie in staat om op te staan nie.
- 24 As ek goud my vertrouwe gemaak het, of aan die kosbare stene gesê het: 'Julle is my versekering,' of vir die fyn goud gesê het: 'Julle is my vertrouwe,'
- 25 as ek my verbly het omdat my rykdom groot was en my hand baie verkry het,
26 as ek die son vereer het wanneer dit skyn of die maan wanneer in volle helderheid,
- 27 as my verstand, wil en emosie in die geheim verlei is, as ek toegegee het tot kwaaddoen,
- 28 dan het God my skelm lewenswyse gesien en ek het voor Hom gelieg.
- 29 As ek my verheug het by die vernietiging van my hater of uitgejubel het toe onheil hom getref het; ^{Spr 24:17,18}
- 30 (maar ek het nie my mond toegelaat om te sondig nie en ook het my lewe nie gewens vir enige hiervan nie;
- 31 my vriende het gesê: 'O, hierdie man sal vir ons selfs sy eie vlees gee,' maar ons is nie tevrede nie;'
- 32 die vreemdeling het ek nie in die straat laat oornag nie en ek het my deure vir die gas oopgemaak;)
- 33 as ek, soos sommige mense, my oortredinge bedek het of ek my skuld in geheime plekke weggesteek het,
- 34 as ek op ander se regte getrap het; intendeel, dit is die menigte families wat my geruïneer het; ek het ook niemand by die deur weggestuur of in skinder betrokke geraak nie; laat die uittarting van God my verneder.
- 35 Ag, as iemand my maar wou hoor en luister! As God teenwoordig is, laat Hy my antwoord en die sin in 'n boekrol skryf!
- 36 Ek sal dit sekerlik op my skouer dra en dit vir my 'n kroon maak.
- 37 Ek sal aan Hom die getal van my voetstappe verklaar; as 'n prins sou ek na Hom toe gaan.
- 38 Laat die aarde oor my treur, laat sy vore saam huil,

39 as ek sy opbrengs geëet het sonder betaling of as ek een hartseer gemaak het wie se lewe bitter is,

40 laat dan distels in plaas van koring uitspruit en onkruid in plaas van gars.”

Die woorde van Iyov is klaar.

32 1 Toe het hierdie drie manne, wat Iyov wou veroordeel, opgehou om hom te antwoord omdat hy regverdig gevind is in hulle oë.

2 Toe is Elihu, die seun van Barakh'el, die Buziet, uit die geslag van Ram, kwaad en het sy woede teen Iyov ontvlam omdat hy homself meer regverdig as God beskou het.

3 Sy woede het ook teen sy drie vriende ontvlam omdat hulle geen antwoord vir Iyov gevind het om hom te veroordeel nie.

4 Nou, Elihu het gewag om Iyov met woorde te korrekeer omdat die ander mans ouer as hy was.

5 Toe Elihu sien dat hierdie drie nie in staat is om Iyov te antwoord nie, was hy woedend

6 en Elihu, die seun van Barakh'el, die Buziet, het geantwoord en gesê: “Omdat ek jonger as u is in dae en u ouer is, was ek bang en het nie gewaag om my opinie aan u mee te deel nie,

7 want ek het gesê: ‘Dae behoort te praat en die veelheid van jare moet wysheid leer.’

8 Waarlik, daar is 'n gees in die mens en die Gees van die Almagtige gee vir hulle insig.

9 Dit is nie ouderdom wat mense wys maak nie; ook verstaan die oues nie altyd regverdige oordeel nie; ^{Yog 16:13}

10 daarom sê ek: ‘Luister na my; ek sal ook vir u my opinie wys.’

11 Let op, ek het stilgebly terwyl u praat; ek het geluister totdat u opgehou praat het terwyl u gesoek het na woorde.

12 Ja, ek verstaan u getuienis, maar let op, daar is nie een van u wat Iyov kon bestraf nie, of sy woorde kon beantwoord nie

13 sodat julle kon sê: ‘Ons het wysheid gevind, God het hom verslaan, geen mens nie.’

14 Iyov het nie sy woorde tot my gerig nie en ek sal hom ook nie met julle woorde beantwoord nie.”

15 Hulle was stil, hulle het hom niks meer geantwoord nie, hulle woorde is alles op, hulle bly dus stil.

16 Hulle het nie gepraat nie, hulle was stil en het hom nie meer geantwoord nie.

17 “Ek wil ook van my kant af antwoord; ek sal ook my opinie wys,

18 want ek is vol woorde; die gees in my dring my.

19 Let op, ek kan myself nie terughou nie en ook vind ek geen verligting nie; ek kan myself nie langer keer om te praat nie.

20 Ek wil praat om verligting te kry, ek sal my lippe oopmaak en antwoord.

21 Ek sal nie partydig wees teenoor enige persoon en ek sal ook nie skaam wees in die teenwoordigheid van enige een nie,

22 want ek weet nie wat dit is om titels te ag nie; anders sou my Almagtige Een my gou verwyder het.

33 1 Hoor daarom my boodskap, o Iyov, luister en doen alles wat ek sê.

2 Noudat ek my mond oopgemaak het, let op, praat my tong in my mond.

3 Die woorde van my mond is opreg en die uitinge van my lippe is rein.

4 Die Gees van God het my opgewek en die asem van die Almagtige het vir my lewe gegee.

5 As u my kan antwoord, berei uself dan voor en staan op voor my,

6 want ek is net soos u voor God, ek is ook uit klei gevorm;

7 daarom sal my waarskuwings u nie laat bewe, of my teregwyding swaar wees op u nie.

8 U het verseker gepraat waar ek kon hoor en ek het die stem van u woorde hoor sê:

9 'Ek is skuldloos, sonder oortreding; ek is onskuldig en daar is geen boosheid in my nie en ek is ver verwyderd van boosheid.

10 Let op, Hy vind redes teen my; Hy tel my as Sy vyand.

11 Hy sit my voete in die blokke; Hy hou al my paaie dop.'

12 Let op, hierin kan u nie reg wees nie. Ek sal u antwoord dat God groter is as 'n mens.

13 Waarom twis u met Hom, aangesien Hy nie verslag gee van Sy sake nie?

14 Want God praat een keer, Hy praat nie 'n tweede keer nie.

15 In 'n droom, in 'n visioen in die nag, as diepe slaap op die mense val terwyl hy sluimer op die bed,

16 dan maak Hy die ore van mense oop en verneder hulle volgens hulle rebellie

17 sodat Hy die mens van sy bose daade kan laat afsien en sy trotsheid kan verwyder,

18 spaar Hy hom van korrupsie en sy lewe van straf en vernietiging.

19 Die mens word getugtig met pyn op sy bed en pyn in sy menigte gebeentes

20 sodat sy lewe nie tevrede is met brood nie en smag na kos.

21 Sy vlees kwyn weg as gevolg van vrees sodat 'n groter deel van sy gebeente gesien kan word.

22 Ja, hy kom nader aan vernietiging en sy lewe aan die dood.

23 As 'n mens 'n boodskapper het, waarna iemand een uit 'n duisend keer sal luister, sal die boodskapper hom die pad van opregtheid wys

24 en aan hom guns bewys en sê: 'Bevry hierdie man dat hy nie vernietiging sal smaak nie; hy het verlossing gevind.'

25 dan sal sy vlees verander soos die van sy kindertyd en hy sal terugkeer na die dae van sy jeug

26 en hy sal bid tot God en Hy sal hom hoor en tevrede wees met hom en God sal by hom verskyn in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, want hy sal aan die mens Sy onpartydige opregtheid gee,

27 dan sal die opregtheid getuienis lewer aangaande die man en hy sal sê: 'Ek het waarlik gesondig en is verkeerd en dit baat my nie;

28 bevry my van vernietiging en my lewe sal die lig sien.'

29 Let op, al hierdie dinge doen God drie keer met 'n mens,

30 om sy lewe terug te bring van vernietiging en om die Lig van die lewe te sien.

31 Draai jou oor, o Iyov, luister na my; wees stil en ek sal praat.

32 As u iets het om te sê, antwoord my, want ek begeer dat u onskuldig verklaar sal word.

33 Indien nie, luister en wees stil en ek sal vir u wysheid leer.”

34 1 Elihu het voortgegaan en gesê:

2 “Hoor my woorde, o wyse manne en draai u oor na my, u wat kennis het,

3 want die oor toets woorde soos die verhemelte kos proe.

4 Laat ons vir onself ’n regter kies; laat hy tussen ons weet wat goed is,

5 want Iyov het gesê: ‘Ek is regverdig en God het my oordeel opsy gesit.’

6 Wie is die man wat dood is sonder oortreding? ^{Rom 6:23}

7 Watter man is soos Iyov, wat veragting opdrink soos water?

8 Wie is ’n medeloper en vriend van die werkers van boosheid en loop saam met bose mense?

9 Want hy het gesê: ‘Dit is nie voordelig vir ’n man omdat hy God respekvol vrees nie;’

10 daarom, luister na my, manne van insig, dit is ver van God verwyder dat Hy kwaad sou doen en dit is ver van Hom dat Hy boosheid sou doen,

11 want Hy vergeld ’n mens volgens sy daad en laat elke mens beloon word volgens sy lewenswyse. ^{Ps 62:13; Spr 24:12; Rom 2:6}

12 Waarlik, God doen nie verkeerd en verdraai die reg nie.

13 Wie het beheer oor die aarde of wie het die hele wêreld gemaak?

14 As Hy Sy denke teen die mens sou draai, sal die mens se gees en asem by Hom bymekaarkom,

15 dan sou alle vlees saam vernietig word en die mens sou tot stof terugkeer.

16 As u dan insig het, hoor dit; luister na die stem van my woorde.

17 Hy wat regverdige oordeel haat, kan nie onskuldig verklaar word nie en hy wat onskuldig is, sal nie veroordeel word nie.

18 Hy wat aangaande die koning sê dat hy boos is - en tog is hy ’n goeie heerser oor prinse en heersers

19 en is nie partydig tot prinse of diskriminerend teenoor die armes nie, want hulle is almal die werk van Sy hande, -

20 in ’n oomblik sal hy sterf en om middernag verteer word en sterf. Hy sal kragteloos gemaak word deur die Almagtige,

21 want Sy oë is op al die lewenswyses van die mens en Hy sien al sy treë.

22 Daar is geen duisternis, of skaduwee van die dood, waar die werkers van boosheid kan wegkruip nie,

23 want Hy het nie ’n tyd daargestel vir ’n man om voor God in oordeel te kom nie,

24 want Hy het baie ongeluk oor baie mense, sonder getal en ander in hulle plekke, bevestig;

25 dus ken Hy hulle deur hulle werke en werp hulle omver in die nag.

26 Hulle daad sal vergruis word onder die gewig van hulle boosheid in ’n land van verskrikking

- 27 omdat hulle weggedraai het daarvan om Hom te volg en nie enige van Sy lewenswyses oorweeg nie.
- 28 Die gebed van die armes kom na Hom toe en Hy hoor die geroep van die vernederdes.
- 29 Wanneer Hy vergewe, wie kan dan veroordeel? Wanneer Hy Sy gesig wegdraai, wie kan die mense, of die mensdom in geheel, vergewe?
- 30 Hy sien toe dat die sondebevelekte en bese man nie oor die mense sal regeer nie,
- 31 want God het gesê: 'Ek het vergewe, Ek sal nie mense sonder sonde vernietig nie.' ¹ Rom 6:23
- 32 Lig my in, leer my as jy onreg gedoen het.
- 33 Ek sal jou nie meer antwoord nie, want jy het gesondig, want jy is ondersoek en nie ek nie. Spreek uit wat jy weet!
- 34 Laat manne van insig vir my sê en laat 'n wyse man vir my luister.
- 35 Iyov het sonder kennis gepraat en sy woorde is sonder insig.
- 36 Waarlik, Iyov is getoets tot die einde toe en steeds is hy nie onder die bese getel nie
- 37 en as Iyov sou byvoeg by sy sondes, dan sou sy oortreding ons almal beïnvloed en hy sal steeds sy klagte voor God bring."

35 1 Elihu het weer gepraat en gesê:

- 2 "Dink u dat u reg was om te sê: 'Ek is skuldloos verklaar deur God?'
- 3 As u dit gesê het, watter voordeel het dit vir u en wat sal ek baat as ek u veroordeel?
- 4 Ek sal u antwoord met woorde, vir u en u vriende by u.
- 5 Kyk op na die hemel en sien die wolke wat hoër is as u.
- 6 As u sondig, watter verskil maak dit vir Hom en as u oortredinge vermeerder, wat maak dit saak vir Hom?
- 7 As u regverdig is, wat gee u aan Hom, of wat ontvang Hy uit u hand?
- 8 U boosheid raak net uself en u onpartydige opregtheid net uself.
- 9 As gevolg van die menigte van onderdrukkinge skreeu mense en baie roep uit oor onregverdigheid
- 10 en niemand sê: 'Waar is God, my Maker, wat raadgee in die nag,
- 11 wat ons meer leer as die diere van die veld en ons wyser maak as die voëls van die hemel?' nie.
- 12 Hulle roep, maar Hy antwoord hulle nie,
- 13 want God hoor en luister nie na die leë trots van boosdoeners en prys dit ook nie.
- 14 Alhoewel u gesê het: 'Ek sal Hom nie loof nie,' pleit tog en vra voor Hom,
- 15 want nou straf Hy nie in Sy woede nie en doen geen skade aan enige lewe nie;
- 16 daarom het Iyov verniet gepraat; hy vermenigvuldig woorde sonder kennis."

36 1 Toe het Elihu bygevoeg en gesê:

- 2 "Wees 'n bietjie geduldig met my en ek sal u wys, want daar is steeds woorde te sê namens God.
- 3 Ek sal my opinie van ver af gaan haal en aan my Skepper onpartydige opregtheid toeskryf,
- 4 want waarlik, my woorde is nie leuens nie en my Godskennis is volledig by u.
- 5 Let op, God is magtig en verag hom, wat rein soos melk is, nie.

- 6 Hy bewaar nie die lewe van die bose nie, maar gee regverdige oordeel aan die armes.
7 Hy trek nie Sy oë terug van die regverdige nie; Hy plaas konings op die troon; ja, Hy verhoog hulle vir ewig ^{Spr 21:1; Dan 4:17}
8 en as hulle gebind is in kettings, dan gaan hulle deur vernietiging tot ellende,
9 dan wys Hy aan hulle hul dade en hul oortredinge, want hulle het hul mag oorskry.
10 Hy maak ook hulle ore oop vir dissipline en beveel dat hulle moet terugkeer van boosheid.
11 As hulle gehoorsaam en Hom dien, sal hulle hul dae in voorspoed en hul jare in aangenaamheid deurbring,
12 maar as hulle nie luister en doen nie, sal hulle doodgaan deur verwoesting en hulle sal sterf sonder kennis
13 en die valse toneelspelers van verstand, wil en emosie sal verteer word, hulle sal nie uitroep om hulp nie; tog sal hulle woedend skree as Hy hulle bind.
14 Hulle sal sterf in hulle jeug en hulle lewe word weggeruk deur hongersnood,
15 maar die sagmoedige sal weggeruk word deur Sy sagmoedigheid en Hy maak hulle pad oop in die tyd van onderdrukking.
16 Net so sal Hy jou red van die mond van die spotter en vir jou rus in plaas van spanning gee en 'n tafel met ryk kos voorberei,
17 maar Hy sal die bose volledig oordeel; oordeel en regverdigheid sal hulle beetkry.
18 Hy sal jou nie met 'n voortdurende woede bedreig nie en jou ook nie 'n groot loskoopprys laat nodig kry nie.
19 Hy sal na jou toe kom sodat Hy jou kan bevry; jy sal nie ontstel word deur enige van hulle wat magtige krag het nie.
20 Hy sal jou verlos van hulle wat jou in die nag wegdryf en mense in jou plek gee en nasies vir jou lewe. ^{Yes 43:4}
21 Wees versigtig sodat jy nie terugdraai na boosheid nie, want daarvoor is jy getoets deur ellende. ^{1 Kefa 1:14}
22 Let op, God is magtig in Sy krag; wie kan lering gee soos Hy?
23 Wie het vir Hom Sy lewenswyses uitgestip? Wie kan sê: 'U het boosheid gebring'?
24 Onthou dat Sy dade groot is en alle mense Hom besing het.
25 Al die mense het dit gesien en dit van ver af aanskou.
26 Let op, God is groot en ons ken Hom nie; die getal van Sy jare is onnaspeurlik.
27 As ons die pilare van die hemel sou tel en die druppels reën, wat die lug in 'n seisoen laat drup, by hulleself sou vasbind,
28 wat die wolke laat neerstroom op die mens en hulle uitermate bly laat wees;
29 wie kan dan hierdie dinge verstaan, of die uitspreiding van die wolke vanuit Sy groot tent?
30 Let op, Hy sprei sy lig daaroor uit en bedek die bodem van die see,
31 want hierdeur oordeel Hy die volke en Hy gee kos aan baie.
32 Hy bedek die lig met die wolke en dan skyn dit weer oor hulle sodat hulle dit kan groet.
33 Hy wys Sy besittings aan Sy vriende, sowel as aan die bose.

- 37** 1 Hieroor bewee die mens se binneste en word dit uit sy plek beweege.
 2 Luister aandagtig na die gedruis van Sy stem en die oordeel wat uit Sy mond uitgaan.
 3 Onder die ganse hemel sal die mense Hom loof en Sy lig skyn op die eindes van die aarde.
 4 In Sy eie plek donder Hy met die stem van Sy grootheid en Hy hou nie terug as Sy stem gehoor word nie.
 5 God donder met Sy stem; Hy doen groot en wonderlike dinge wat ons nie kan verstaan nie, ^{Ps 29}
 6 want Hy sê vir die sneeu: 'Val op die aarde!' Net so vir die ligte reën en vir die swaar reëns.
 7 Hy beperk die krag van elke man sodat alle mense Sy daade mag ken; ^{2 Kor 12:9,10}
 8 dan gaan al die wilde diere in hulle skuilplekke en bly in hulle lêplekke.
 9 Vanuit die binneste kamers kom die warrelwind en koue uit die Noordewind.
 10 Deur die asem van God word ys gegee en Hy laat oorvloedige waters neerstort.
 11 Die wolke word grootliks uitgestrek, Hy versprei die wolke deur Sy lug
 12 en hulle draai om deur Sy raad sodat hulle sal doen wat ook al Hy hulle beveel oor die oppervlak van Sy bewoonde aarde.
 13 Hy laat dit reën, of dit nou is vir die prinse, of vir die land, of vir goedheid aan hulle wat daarop te vinde is.
 14 Luister hierna, o Iyov! Luister en oorweeg die wonderwerke van God.
 15 Weet u wat God met hulle beplan en wat die lig van Sy wolke laat skyn?
 16 Ken u die balans van die wolke, die wonderwerke van Hom wat volmaak is in gedagte?
 17 Weet u waarom word u klere warm wanneer die aarde sy posisie verander na die nag-en-dag-ewening?
 18 Was u by Hom toe Hy die groot hemel uitgesprei het, het u Hom gehelp om dit vas te hou?
 19 Leer ons wat ons vir Hom moet sê sodat ons nie sal wegkruip weens die duisternis nie.
 20 Vertel vir Hom wat Hy gesê het en as 'n mens sou praat, sou hy sekerlik verteer word.
 21 Nou kan 'n mens nie die lig sien wat skyn in die hemel nie, maar die wind gaan verby en maak dit skoon.
 22 Goue ligstrale kom uit die noorde en lig skyn vanaf God.
 23 Wat die Almagtige betref, Hy is voortreflik in krag en in regverdige oordeel; die Prins van die regverdiges sal nie Sy mense teister nie;
 24 daarom sal mense Hom vrees en almal wat wys is van verstand, wil en emosie sal voor Hom bewee."

- 38** 1 Toe het יהוה Iyov uit 'n warrelwind geantwoord en gesê:
 2 "Wie is hierdie wat raad gee deur woorde sonder kennis?
 3 Gord vas jou heupe soos 'n dapper man, want Ek sal jou ondervra en jy sal My antwoord.
 4 Waar was jy toe Ek die aarde se fondasies gelê het? Verklaar of jy insig het.

- 5 Wie het sy afmetinge neergelê, as jy weet, of wie het die maatlyn daaroor gespan?
6 Waarop rus sy kante, of wie het sy hoeksteen gelê?
7 Wanneer het Ek die oggend-sterre geskep en het al die seuns van God van vreugde
gejubel?
8 Wie het die see afgesluit met hekke toe dit uitgebreek het asof dit uit die baarmoeder
uitkom?
9 Toe Ek die wolk as kleding vir die aarde gemaak het en dik donkerte as 'n toedraaidoek
daarvoor
10 en grense daarvoor gestel het en grendels en deure gemaak
11 en gesê het: 'Sover mag jy kom, maar niks verder nie en hier sal jou trotse golwe
bly,' was jy daar?
12 Het jy, sedert jou dae begin het, die sonsopkoms ontbied, of ken jy die plek van
die oggend
13 dat dit die eindes van die aarde kan aangryp en die bose uit dit uitgegooi mag
word
14 sodat hulle liggame in klei verander sal word en op 'n hoop gegooi word?
15 Die lig van sondaars sal teruggehou word en die arm van die arrogante sal gebreek
word.
16 Het jy afgegaan na die diepte van die see, of het jy geloop in die fondasies van die
onderaardse waters?
17 Is die poorte van die dood aan jou openbaar, of het jy die poorte van die skaduwee
van die dood gesien?
18 Het jy die hele breedte van die aarde gesien? Verklaar aan My, as jy dit alles weet:
19 waar is die blyplek van die lig en waar is die duisternis?
20 Ken jy sy grense en die pad na sy huis?
21 Kan jy jou geboorte onthou en weet jy of jy baie dae sal leef? ^{Iyov 34:23}
22 Het jy die kamers van die sneeu binnegegaan? Het jy die stoorkamers met hael
gesien,
23 wat gespaar word vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?
24 Op watter manier word lig versprei en vanwaar kom die wind oor die aarde?
25 Wie veroorsaak 'n weerligstraal en die slag van die donder?
26 Wie laat dit reën op 'n land waar geen mens is nie, in die wildernis waar niemand
woon nie;
27 om elke bos te deurdrenk en die sagte grasspruit te laat opspring?
28 Het die reën 'n vader, of wie het die doudruppels voortgebring?
29 Uit wie se baarmoeder het die ys en dou gekom en wie gee geboorte aan die ryp
van die hemel?
30 Die waters word hard soos 'n klip en die oppervlakte van die ondergrondse water
is gevries.
31 Kan jy die beweging van die Sewe-ster stop, of ken jy die pad van die Orion?
32 Kan jy die sterretekens uitbring op hulle tyd, of in die pad van die Beer staan?
33 Ken jy die wette van die hemele, of maak jy voorskrifte vir die aarde?
34 Kan jy jou stem na die wolke ophig, of hulle bedek met 'n oorvloed van water?
35 Kan jy die weerligstrale uitstuur sodat hulle kan gaan en vir jou sê: 'Hier is ons'?

- 36 Wie het wysheid in die binneste geplaas, of wie het visie gegee aan insig?
37 Wie het die wolke in sy wysheid getel en wie het die pilare van die hemel opgetel?
38 Wie het grond uitgegooi op die aarde en wie het die styl rotse gemaak?
39 Wie het prooi vir die leeu gegee, of die honger van die jong leeus stilgemaak?
40 Wie het die wildediere van die veld vermenigvuldig, of wie het kos vir die kraai voorsien,
41 want sy kleintjies roep uit tot God en word flou sonder kos?

39 1 Ken jy die tyd wanneer die Ibex lam teen die steil rotse, of kan jy sien wanneer takbokooie lam?

- 2 Kan jy die maande tel wat hulle voltooi en die tyd weet wanneer hulle lam
3 en wanneer hulle neerbuig en hul kleintjies voortbring?
4 Hulle maak die kleintjies groot totdat hulle groot is en gespeen word.
5 Wie het die wilde-donkie gelos om vry te wees en hom die juk laat ontsnap?
6 Want hy het die vlakte sy huis gemaak en die soutland sy blyplek.
7 Hy spot met die menigte stede en is nie bang vir die stem van heersers nie.
8 Die toppe van die berge is sy weiveld en hy loop oor alles wat groen is.
9 Sal die wilde bul (Aurogs) gewillig wees om jou te dien, of sal hy oornag by jou krip?
10 Kan jy die juk op die wilde bul se nek vasmaak, of sal hy in 'n wilde plek eg?
11 Sal jy op hom vertrou omdat sy krag groot is, of sal jy jou werk aan hom oorlaat?
12 Vertrou jy hom dat hy dit wat van jou gedors is, sal uitwan en jou graan in die skuur sal bymekaarmaak?
13 Die volstruis lig haarself trots op en kom dan en maak haar nes,
14 maar sy los haar eiers in die aarde om op die grond warm gemaak te word
15 en omdat sy die voete van 'n voël het, vergeet sy dat die wilde diere van die veld dit kan vertrap.
16 Sy vermenigvuldig haar kleintjies alhoewel hulle nie by haar bly nie; alhoewel haar moeite tevergeefs is, het sy geen vrees nie,
17 want God het wysheid vermeerder, maar nie vir haar 'n deel gegee nie.
18 Sy lig haarself hoog op soos 'n palmboom, sy lag vir die perd en sy ruiter.
19 Het jy vir die perd krag gegee? Het jy sy nek geklee met maanhare?
20 Kan jy hom laat beweeg soos die sprinkaan, of kan jy hom bang maak.
21 Hy kap in die vlakte en is bly in die vallei; hy gaan gepantser uit vir die stryd.
22 Hy lag vir 'n put en word nie bang gemaak nie; hy draai ook nie weg van die swaard nie.
23 Die pylkoker rammel teen hom, die glinsterende spies en lans.
24 Hy gallop met woede wat die grond laat bewe en vrees nie die klank van die ramshoring nie.
25 Hy maak die klank: 'Aha!' en ruik die geveg van ver af; hy maak die offisiere bang met sy gerunnik.
26 Is dit deur jou wysheid wat die valk geskep is en sy vlerke uitsprei na die suide toe?
27 Gaan die arend hoog op op jou bevel en maak hy sy nes in steil rotse?
28 Hy leef en bly op die rots, op die krans van die afgrond.

29 Hy word onderhou deur sy prooi, sy oë sien van ver af.

30 Sy kleintjies suig bloed op en waar die dooies is, daar is hy.”

40 1 **יְהוָה** het Iyov verder geantwoord en gesê:

2 “Die raadgewings van God is baie. Hy wat God tereg wys, moet daarvoor antwoord!”

3 Toe het Iyov **יְהוָה** geantwoord en gesê:

4 “Let op, ek is onwaardig. Wat sal ek U antwoord? Ek sal my hand op my mond lê.

5 Een maal het ek gepraat, maar ek sal nie antwoord nie; ja, twee maal, maar ek sal nie verder gaan nie.”

6 Toe het **יְהוָה** vir Iyov vanuit die warrelwind geantwoord en gesê:

7 “Gord nou jou heupe vas soos ’n man; Ek sal jou ondervra en jy sal aan My verklaar:

8 wil jy My oordeel tot niet maak, My selfs veroordeel sodat jy geregverdig mag wees?

9 Het jy ’n arm soos God, of kan jy donder met ’n stem soos Hy? ^{Ps 29}

10 Versier jou nou met majesteit en hoogheid en beklee jou met lof, eer en skoonheid!

11 Gooi die toorn van jou woede uit en kyk na elkeen wat trots is en verneder hom

12 en gooi die sondaars af in hul plek.

13 Begrawe hulle almal saam in die grond; bedek hulle gesigte met fyn stof,

14 dan sal Ek jou ook krediet gee wanneer jou eie regterhand jou gered het.

15 Let op die behemoth wat Ek vir jou gemaak het; hy eet gras soos ’n bees.

16 Let op, sy krag is in sy kruis en sy stert staan regop soos ’n sederboom.

17 Die senings van sy dye bult uit.

18 Sy gebeente is sterk soos stukke koper, ja, hulle is soos ysterstawe.

19 Hy is die hoof van God se skeppinge, want Hy het hom kragtig gemaak om te veg.

20 Hy gaan rond in die berge en al die wilde diere van die veld lê onder sy beskerming.

21 Hy lê en wag in die skuilplek van riete, hy hurk soos ’n leeu.

22 Die skadubome bedek hom met hulle skaduwee; die wilgers van die spruit omring hom.

23 Let op, as hy in die rivier spring, is hy nie bang nie, hy is selfversekerd, al kom die Yarden tot by sy mond.

24 Kan iemand hom met ’n haak vat of vang met ’n net? Kan een hom lei in ’n strik of sy tong vasbind met ’n tou?

41 1 Kan jy die livyatan met ’n hoek vang, of hom, met ’n tou in sy mond, uittrek?

2 Kan jy ’n toom in sy mond sit, of sy kakebeen met ’n doring deurboor?

3 Sal hy jou baie smeeke of vleierende woorde met jou praat?

4 Sal hy ’n verbond met jou sluit, of sal jy hom vir altyd as slaaf beskou?

5 Sal jy met hom speel soos met ’n voël of hom hou as ’n troeteldier vir jou meisiekinders?

6 Sal vissermanne oor hom bymekaarkom, hom verdeel onder baie mense?

7 Kan jy sy vel stop met vleis, of sy kop braai oor vuur?

8 Probeer om hom te vang; wat ’n geveg sal jy hê! Jy sal dit nooit vergeet nie.

- 9 Let op Iyov, jy word nou vrygestel van jou smart; so sal jou God ook jou bitterheid verwyder.
- 10 Jy kan nie ver kom as die livyatan opgewek word nie, maar wie kan dan voor My staan? ^{Ps 74:14}
- 11 Wie het voorrang bo My sodat Ek moet oorgee?
- 12 Wat ook al onder die hele hemel is, is Myne.
- 13 Ek sal nie stilbly weens sy krag en die sterkte van sy senings nie.
- 14 Wie het sy vel verwyder? Wie kan naby hom kom as die net laat sak word?
- 15 Wie kan die deur van sy mond oopmaak? Sy tande is verskriklik, reg rondom.
- 16 Sy mond is vasgebind en stewig toe, soos met 'n seël.
- 17 Sy tande is so naby aan mekaar dat geen lug tussen hulle kan kom nie.
- 18 Hulle is vas, een aan die ander, hulle sit aan mekaar vas sodat hulle nie geskei kan word nie.
- 19 Sy voorkoms is vol lig en sy oë is soos die strale van die sonsopkoms.
- 20 Uit sy mond kom brandende lampe en vonke van vuur spat uit.
- 21 Uit sy neusgate kom rook, soos die vlam wat versprei rondom 'n pot.
- 22 Sy asem steek kole aan en 'n vlam kom uit sy mond.
- 23 Hy het groot krag in sy nek en vir hom is vrees soos om te dans.
- 24 Sy vleis is goed, vet en goed versorgd.
- 25 Sy binneste is nooit uit vrees laat bewe nie, maar is hard soos 'n klip, ja, soos vuursteen.
- 26 As gevolg van vrees vir hom is die magtiges bang
- 27 en die sterkes word verneder.
- 28 Die wond van 'n swaard het geen effek nie; hy verwyder die lanse van die magtiges.
- 29 Hy beskou yster as strooi en koper soos verrotte hout.
- 30 Die boog kan hom nie laat vlug nie; hy behandel slingerstene soos stoppels.
- 31 Hy lag vir die spies; hy is so tuis in die dieptes soos op die droë grond.
- 32 Met sy sterk liggaam loop hy op die grond.
- 33 Hy vernietig, wat ook al trots is.
- 34 Hy is koning oor alles in die dieptes."

42 1 Toe het Iyov יְהוָה geantwoord en gesê:

- 2 "Ek weet dat U al hierdie dinge kan doen en dat geen plan vir U weggesteek is nie.
- 3 Wie is ek om te dink ek kan raad gee sonder kennis? U het daarom aan my verklaar dat ek gesê het wat ek nie verstaan nie; dinge te wonderlik vir my, wat ek nie ken nie.
- 4 Hoor my, bid ek van U en ek sal praat; ek sal U vra en verklaar U aan my:
- 5 volgens hoorsê het ek van U gehoor, maar nou sien my oog U;
- 6 daarom sal ek stilbly en erken en terugdraai in stof en as."
- 7 Nadat יְהוָה hierdie woorde met Iyov gepraat het, het dit gebeur dat יְהוָה vir Élifaz, die Temaniet gesê het: "My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende, want julle het nie reg van My gepraat in My Teenwoordigheid soos My dienskneg Iyov gedoen het nie;

- 8 daarom, vat nou vir julle sewe bulle en sewe ramme en gaan na My dienskneg Iyov toe en bring vir julleself 'n brandoffer. My dienskneg Iyov sal vir julle bid, want hom sal Ek aanvaar sodat Ek nie veragtelik met julle handel nie, want julle het nie in My Teenwoordigheid dit wat reg is gepraat soos My dienskneg Iyov gedoen het nie.”
- 9 Toe het Élifaz, die Temaniet en Bildad, die Shuagiet en Tzofar, die Na'amahiet, gegaan en gedoen volgens wat יְהוָה vir hulle gesê het en יְהוָה het Iyov in guns aanvaar.
- 10 יְהוָה het aan Iyov alles herstel wat hy verloor het, toe hy vir sy vriende gebid het; ook het יְהוָה dubbel soveel aan Iyov gegee as wat hy voorheen besit het.
- 11 Toe het al sy broers en al sy susters en almal wat hom vroeër geken het, na hom toe gekom en saam met hom brood geëet in sy huis, want hulle was ontsteld oor hom en hulle het hom getroos oor al die moeilikheid wat יְהוָה oor hom gebring het en elke man het vir hom 'n ooi gegee en elkeen 'n goue oorring.
- 12 יְהוָה het die einde van Iyov meer geseën as sy begin, want hy het veertien duisend skape, ses duisend kamele, 'n duisend jukpaar beeste en 'n duisend donkie-merries gehad.
- 13 Hy het ook sewe seuns en drie dogters gehad.
- 14 Hy het die eerste genoem Y'mimah en die tweede K'tzi'ah en die derde Keren-Hapukh.
- 15 In die hele land is geen vroue gevind so mooi soos die dogters van Iyov nie; hulle vader het vir hulle 'n erfdeel gegee tussen hulle broers.
- 16 Na dit het Iyov een honderd en veertig jaar lank gelewe en hy het sy seuns en hulle seuns, selfs tot die vierde geslag toe, gesien.
- 17 Iyov het gesterf, oud, tevrede en vol van dae.

Die dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die vierde boek van die Geskrifte

Een van die vyf 'meghilloth,' of boekrolle, wat tydens die
feeste gelees word.

Shir-Hashirim

(Hooglied)

שִׁיר הַשִּׁירִים - Shir-Hashirim - Lied van Liedere

Die boek is deur Shlomo, seun van Dawid, as gedig geskryf.

- 1 1 Die lied van liedere; van Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el.
2 Laat hy my soen met die soene van sy mond, want jou liefde is beter as wyn.
3 As gevolg van die aangename geur van jou self, is jou naam soos self van mirre;
daarom het die maagde jou lief.
4 Trek my agter jou aan, laat ons hardloop! Die koning het my in sy binnekamers
ingebring; ons sal in die rondte swaai en ons verheug in jou, ons sal jou liefde
onthou meer as wyn en jou teerheid meer as die opregte.
5 Ek het 'n donker vel, maar ek is aantreklik, o dogters van Yerushalayim, soos die
tente van Kedar, soos die gordyne van Shlomo.
6 Moenie na my kyk omdat ek 'n donker vel het omdat die son my bruin gebrand het
nie. Die seuns van my moeder het met my getwis; hulle het my aangestel as die
oppasser van die wingerde, maar my eie wingerd het ek nie opgepas nie.
7 Vertel my, o jy wat my lewe lief het, waar moet ek wei, waar laat jy jou trop op die
middag rus? Dat ek nie word soos 'n skaap wat wegdwaal van jou kuddes af nie.
8 As jy nie weet nie, o jy, mooiste onder die vroue, kom, volg die voetspore van die
trop en laat jou klein bakkies wei langs die tente van die herders.
9 Ek het jou vergelyk met 'n merrie voor Farao se krygswa, o my vriendin!
10 Jou wange is mooi met gevlegte hare en jou nek met halssnoere.
11 Ons sal vir jou goue kettinkies maak met silwer knoppe.
12 Terwyl jy saam met die koning op sy kussing sit, het die nardus sy geur laat
uitgaan.
13 Die een wat ek lief het, is soos 'n bossie mirre vir my; hy sal heelnag tussen my
borste lê.
14 Die een wat ek lief het, is vir my soos 'n tros henna-blomme in die wingerde van
'Ein-Gedi.
15 Let op, jy is mooi, my vriendin! Let op, jy is mooi, jy het oë soos 'n duif!
16 Let op, jy is mooi, my vriendin, ja, aangenaam; ook ons bed is ruim.
17 Die balke van ons huis is van seder en ons panele van sipres.
- 2 1 Ek is soos die roos van Sharon en die lelie van die vallei.
2 Soos die lelies tussen die dorings, so is my vriendin onder die dogters.
3 Soos 'n appelboom tussen die bome van die bos, so is my vriend tussen die
jongmanne. Ek sit onder sy skaduwee met groot vreugde en sy vrugte is soet vir
my smaak.
4 Hy het my na die wynhuis gebring en sy banier oor my is die liefde.
5 Hou my in stand met lekkernye, omring my met appels, want ek is siek met liefde.
6 Sy linkerhand is onder my kop en sy regterhand omhels my.
7 Ek smeeke julle, dogters van Yerushalayim, by die gemsbokke of by die jong bokke
van die veld, om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat die liefde wil
nie.
8 Die stem van my vriend, let op, hy kom springend oor die berge, huppelend op die
heuwels.
9 My vriend lyk soos 'n gasel of soos 'n jong bok. Let op, hy staan agter ons muur, hy
kyk deur die vensters, buigend oor die venstertralië.

- 10 My vriend het gepraat en vir my gesê: “Staan op, my vriendin, my mooi een en kom weg,
 11 want let op, die winter is verby, die reën is oor en verby.
 12 Die bloeisele verskyn op die land, die snoeityd het aangebreek en die lied van die tortelduif word gehoor in ons land.
 13 Die vyeboom gee sy groen vye en die wingerdstokke gee geur met sagte lote. Staan op, my vriendin, my mooi een en kom weg.
 14 O, my duif, wat nes maak in die rotsklowe, in die geheime plekke van die heining, laat my jou gesig sien, laat my jou stem hoor, want jou stem is soet en jou gesig is mooi.
 15 Laat ons die jakkalse vang, die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, want ons wingerde het sagte lote.
 16 My vriend is myne en ek is syne; hy wei tussen die lelies.
 17 Totdat die dag afkoel en die skaduwees vlug, vertoef my vriend en is hy soos die gasel of soos die jong bok op die welriekende berge.
- 3** 1 Op my bed snags het ek gesoek na die een wat my lewe lief het; ek het hom gesoek, maar hom nie gevind nie.
 2 Ek sal nou opstaan en in die stad rondgaan, in die strate en op die pleine sal ek hom soek wat my lewe lief het; ek het hom gesoek, maar ek het hom nie gevind nie.
 3 Die wagte wat in die stad rondgaan, het my gekry; ek het vir hulle gevra: “Het julle hom wat my lewe lief het, gesien?”
 4 Skaars het ek by hulle verbygegaan, of ek het hom wat my lewe lief het, gevind; ek het hom vasgehou en wou hom nie los voordat ek hom gebring het in die huis van my moeder en in die binnekamer van haar wat geboorte aan my gegee het nie.
 5 Ek smeeke julle, dogters van Yerushalayim, by die gaselle of by die jong bokke van die veld om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat die liefde wil nie.
 6 Wie is dit wat opkom uit die wildernis soos rookpilare, gegeurd met mirre en wierook, saamgestel uit allerhande gepoeierde soet speserye?
 7 Let op, die draagstoel van Shlomo is omring deur sestig magtige manne van die helde van Yisra'el,
 8 hulle almal met swaarde, deskundiges in oorlog; elkeen met sy swaard aan sy heup as gevolg van vrees in die nag.
 9 Koning Shlomo het vir homself 'n paleis gemaak van die hout van L'vanon;
 10 sy pilare het hy van silwer gemaak, die vloer van goud, sy bedekking van purper, die binnekant daarvan uitgeteel met 'n liefdesgeskenk van die dogters van Yerushalayim.
 11 Gaan uit, dogters van Tziyon en let op na koning Shlomo met die kroon waarmee sy moeder hom bekroon het op sy troue en op die dag van die blydschap van sy verstand, wil en emosie.
- 4** 1 Let op, jy is mooi, my vriendin, let op, jy is mooi; jou oë agter die sluier is soos duifoë; jou hare is soos 'n kudde bokke wat opkom vanaf die gebergte van Gil'ad.
 2 Jou tande is soos 'n kudde geskeerde skape wat van die wassery af opkom, wat elkeen 'n tweeling dra en geen een van hulle is sonder lam nie.

- 3 Jou lippe is soos 'n skarlakendraad en jou spraak is mooi, soos die eerste blomme van die granaat.
- 4 Jou nek onder jou sluier is soos die toring van Dawid, gebou vir 'n wapenopslagplek, waaraan 'n duisend skilde hang, almal kokers van dapper manne.
- 5 Jou twee borste is soos twee jong bokke, tweeling van 'n gasel, wat tussen die lelies wei.
- 6 Terwyl die dag koel is en die aandskaduwees afneem, sal ek gaan na die berg van mirre en die heuwels van wierook.
- 7 Jy is oral-oor mooi, my vriendin, daar is selfs geen merk aan jou nie. ^{Efe 5:27}
- 8 Kom saam met my vanaf die L'vanon, my suster, my bruid, kom saam met my vanaf die L'vanon! Jy sal oor die top van Amanah gaan, vanaf die top van S'nir en van Hermon, vanaf die lêplekke van die leeus, vanaf die berge van die luipeers.
- 9 Jy het my aangemoedig, my suster, my bruid, jy het my binneste gesteel met 'n kyk van een van jou oë, met een halssnoer om jou nek.
- 10 Hoe mooi is jou borste, my suster, my bruid, hoeveel beter is jou borste as wyn en die geur van jou salwe as alle speserye!
- 11 Jou lippe drup soos die heuningkoek; heuning en melk is onder jou tong en die geur van jou klere is soos die parfuum van L'vanon.
- 12 My suster, my bruid, is 'n omringde tuin, ja, 'n beskermde tuin, 'n geseëde fontein.
- 13 U spruite is 'n boord van granate met aangename vrugte; henna-blom met nardus, 14 nardus en saffraan, soetriet en kaneel, met allerhande bome van wierook, mirre en aalwyn, met al die hoof speserye.
- 15 Hulle is 'n fontein van tuine, 'n put van lewende waters en 'n stroom vanaf die L'vanon.
- 16 Word wakker, Noordewind en kom, Suidewind; waai oor my tuin sodat die parfuum kan uitsprei! Laat my vriend in sy tuin inkom en van sy aangename vrugte eet.
- 5** 1 Ek het in my tuin gekom, my suster, my bruid, ek het my mirre saam met my speserye bymekaargemaak, ek het my heuningkoek geëet saam met my heuning, ek het my wyn saam met my melk gedrink. Eet, my vriende; drink, ja drink oorvloediglik, o my vriende.
- 2 Ek het geslaap, maar my verstand, wil en emosie was wakker. Dit is die stem van my vriend wat klop en sê: "Maak vir my oop, my suster, my vriendin, my skadelose duif, my volmaakte, want my kop is met dou gevul en my hare met die druppels van die nag.
- 3 Ek het my bo-kleed uitgetrek, hoe kan ek dit weer aantrek? Ek het my voete gewas, hoe kan ek dit weer vuilmaak?
- 4 My vriend steek sy hand deur die opening van die deur en ek het jammer gevoel vir hom.
- 5 Ek het opgestaan om vir my vriend oop te maak en my hande het mirre gedrup, ja en my vingers het mirre op die handvatsels van die slot gedrup.

- 6 Ek het vir my vriend oopgemaak, maar my vriend het homself teruggedraai en was weg; my lewe het gefaal toe hy praat; toe het ek hom gesoek, maar ek kon hom nie kry nie; ek het hom geroep, maar hy het my nie geantwoord nie.
- 7 Die wagte wat in die stad rondgaan het my gekry; hulle het my geslaan, my gewond; die wagte van die mure het my sluier van my af weggevat.
- 8 Ek smeeke julle, dogters van Yerushalayim, as julle my vriend sou vind, vertel hom dat ek siek is na liefde.
- 9 Wat is jou vriend meer as 'n ander vriend, o mooiste van die vroue? Wat is jou vriend meer as 'n ander vriend, dat jy ons so smeeke?
- 10 My vriend is wit en rooierig, die beste van tien duisend.
- 11 Sy kop is soos die fynste goud, sy hare vloeiend en swart soos 'n raaf,
- 12 sy oë is soos die oë van duiwe by strome van water, in melk gewas en paslik gevorm.
- 13 Sy wange is soos beddings van speserye, soos soet blomme; sy lippe soos lelies, druppelend met mirre en nardus.
- 14 Sy hande is soos goue stawe, ingevul met kosbare stene; sy maag is soos 'n werk van ivoor, bedek met saffierstene.
- 15 Sy bene is soos marmerpilare wat rus op voetstukke van goud; sy bors is soos die L'vanon, uitmuntend soos die seders.
- 16 Sy mond is soos soet heuningkoeke, sy klere is lieflik. Dit is die een wat ek lief het en dit is my vriend, dogters van Yerushalayim.
- 6** 1 Waarheen het jou vriend gegaan, o mooiste onder die vroue? Waar het jou vriend afgedraai sodat ons hom saam met jou kan soek?
- 2 My vriend het afgeloop na sy tuin, na die beddings van speserye om te eet in die tuine en om lelies bymekaar te maak.
- 3 Ek is my vriend s'n en my vriend is myne; hy eet tussen die lelies.
- 4 Jy is mooi en begeerlik, my vriendin, lieflik soos Yerushalayim en gereken as een onder die mooiste.
- 5 Draai jou oë weg van my af, want hulle het my oorweldig; jou hare is soos 'n kudde bokke wat opkom vanaf die berg Gil'ad.
- 6 Jou tande is soos 'n kudde geskeerde skape wat van die wassery af opkom, wat elkeen 'n tweeling dra en geen een van hulle is sonder lam nie.
- 7 Jou wange, agter jou sluier, is soos twee stukke granaat.
- 8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal.
- 9 My perfekte duif is maar een, sy is die enigste een vir haar moeder; sy is die gekose een vir haar wat geboorte aan haar gegee het. Die dogters het haar gesien en haar geprys, ja, die koninginne en die byvroue het haar ook geprys:
- 10 "Wie is sy wat lyk soos die sonsopkoms, mooi soos die maan, helder soos die son en gereken as 'n prinses?"
- 11 Ek het afgeloop na die tuin van okkerneutbome om die vrug van die vallei te sien, om te kyk of die wingerdstok uitloop en of die granate bot.
- 12 Onbekend met my lewe, het ek gesit op die publieke wa, wat gereed was.

13 Kom terug, kom terug, o Shulamiet, kom terug, kom terug sodat ons na jou kan kyk. Wat sien julle in die Shulamiet, wat vreugdevol uitkom soos die vreugde van 'n gasvrou?

7 1 Hoe mooi is jou voete in sandale, dogter van die prinses! Die vorm van jou heupe is soos gesnyde kosbare stene, die werk van 'n bekwame werker.

2 Jou naeltjie is soos 'n ronde kom waarin gemengde wyn nooit ontbreek nie. Jou lyf is soos 'n hoop koring, omring deur lelies.

3 Jou twee borste is soos twee jong boklammers, tweeling van 'n gasel wat wei tussen die lelies.

4 Jou nek is soos 'n ivoortoring, jou oë is soos die poele in Heshbon, by die poort van 'n prinses; jou neus is soos die toring van L'vanon wat uitkyk oor Dammesek.

5 Jou kop is op jou soos Karmel en die vlegsels van jou hare is soos koninklike purper, gebind met rye borduurwerk!

6 Hoe lieflik en hoe begeerlik is jy, o jy wat ek lief het, genotvolle dogter!

7 Jou gestalte is soos 'n palmboom en jou borste is trosse druiwe.

8 Ek het gesê: "Ek sal die palmboom klim, sy takke gryp; jou borste sal wees soos trosse van die wingerdstok en die geur van jou gesig soos appels

9 en jou verhemelte is soos die beste wyn wat afgaan in die mond van my vriend en die lippe laat slaap.

10 Ek is my vriend s'n en sy begeerte is na my.

11 Kom, my vriend, laat ons uitgaan in die veld, laat ons bly in die dorpie.

12 Laat ons vroeg na die wingerde gaan, laat ons sien of die wingerdstok uitloop, of die sagte lote verskyn en die granate in blom is. Daar sal ek jou my borste gee.

13 Die alruin gee geur af en by ons deure is allerhande aangename vrugte, vars en oud; wat ek vir jou gehou het, my vriend.

8 1 Wie sal jou vir my gee as die broer wat aan die borste van my moeder gedrink het? As ek jou in die straat sou vind, sal ek jou soen; ja, ek sal nie verag word nie.

2 Ek sal jou lei, ek sal jou bring in die huis van my moeder; in die kamer van haar wat geboorte aan my gegee het. Ek sal jou laat drink van my lekker wyn en van die soet sap van my granate.

3 Sy linkerarm is onder my kop en sy regterhand omhels my.

4 Ek smeeke julle, o dogters van Yerushalayim, dat julle liefde nie wakker maak of opwek voordat die liefde wil nie.

5 Wie is dit wat daar opkom vanuit die wildernis, wat leun op haar vriend? Ek het jou wakker gemaak onder die appelboom, daar het jou moeder geboorte gegee aan jou, daar was sy in geboortepyne.

6 Maak my soos 'n seël op jou verstand, wil en emosie, soos 'n seël op jou arm, want liefde is sterk soos die dood, begeerte is wreed soos Sh'ol, sy vonke is vonke van vuur en vlamme.

7 Baie waters kan die liefde nie uitblus en riviere kan dit nie wegvoer nie en tog, as 'n man al die besittings van sy huis gee vir die liefde, sal mense spot met hom.

8 Ons het 'n klein sustertjie wie se borste nog nie gevorm het nie; wat sal ons doen vir ons suster op die dag wanneer hulle haar hand sou vra?

- 9 As sy 'n muur is, sal ons 'n bo-kamer van silwer daarop bou en as sy 'n deur is, sal ons dit toemaak met planke van seder.
- 10 Ek is 'n muur en my borste soos torings; toe was ek in sy oë soos een wat guns gevind het.
- 11 Shlomo het 'n wingerd gehad en sy vrugte was oorvloedig; hy het die wingerd aan oppassers uitgehuur; 'n man het 'n duisend sikkels silwer vir sy vrugte aangebied.
- 12 My wingerd, wat myne is, is voor my; 'n duisend sikkels silwer is joune, Shlomo en twee honderd vir hulle wat die vrugte oppas.
- 13 Hulle wat in die tuine sit en luister na u stem, het jou woorde aan my rapporteer.
- 14 Maak gou, my vriend en wees soos die gasel of die jong bok op die berge van speserye.

Die een en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyfde boek van die Geskrifte

Een van die vyf 'meghilloth,' of boekrolle, wat tydens die
feeste gelees word.

Rut (Rut)

רוּת Rut - vriendskap

Die boek speel af in die tyd van die regerende regters oor
Yisra'el en is geskryf deur 'n onbekende skrywer.

- 1 Dit het in die dae toe die regters regeer het, gebeur dat daar 'n hongersnood in die land was. 'n Sekere man uit Beit-Legem in Y'hudah het in die land van Mo'av gaan bly, hy en sy vrou en sy twee seuns.
- 2 Die naam van die man was Elimelekh, die naam van sy vrou Na'omi en die name van sy twee seuns was Maglon en Kilyon, Efrayimiete, uit Beit-Legem in Y'hudah en hulle het na die land van Mo'av gegaan om daar te bly.
- 3 Elimelekh, Na'omi se man, het gesterf en sy het haar twee seuns gehad.
- 4 Hulle het vir hulle vroue gevat uit die Mo'avitiese vroue; die naam van die een was 'Orpah en die naam van die ander was Rut en hulle het omtrent tien jaar daar gebly.
- 5 Maglon en Kilyon het albei gesterf en die vrou is ontnem van haar twee seuns en haar man.
- 6 Toe het sy opgestaan om saam met haar skoondogters terug te gaan vanuit die land van Mo'av, want sy het in Mo'av gehoor dat יהוה Sy volk besoek het deur vir hulle kos te gee.
- 7 Sy het weggegaan uit die plek waar hulle gebly het, saam met haar twee skoondogters, om terug te gaan na die land van Y'hudah.
- 8 Na'omi het vir haar twee skoondogters gesê: "Draai om, gaan terug na julle eie land en die huise van julle familie; mag יהוה aan julle guns bewys soos julle aan my en aan my twee seuns, wat nou dood is, guns bewys het.
- 9 יהוה gee vir julle guns sodat julle rus mag vind in die huis van julle ouers." Toe het sy hulle gesoen en hulle het hul stemme opgelig en gehuil
- 10 en vir haar gesê: "Nee, ons sal saam met u teruggaan na u land en u volk."
- 11 Na'omi sê egter vir hulle: "Draai om, my dogters! Waarom sou julle saam met my gaan? Sal ek geboorte gee aan nog seuns dat hulle julle mans kan word?
- 12 Draai om, my dogters, gaan julle eie pad, want ek is te oud om 'n man te hê. As ek sou sê: 'Ek het hoop' en selfs as ek 'n man sou hê en ook geboorte gee aan seuns,
- 13 sou julle vir hulle wag totdat hulle groot geword het? Sou julle nie vir julle mans vat nie? Nee, my dogters, want ek is baie hartseer ter wille van julle en dit maak my hartseerder as vir julle, want die hand van יהוה het teen my uitgegaan."
- 14 Hulle het weer hulle stemme opgelig en gehuil en 'Orpah het haar skoonmoeder gesoen, omgedraai en weggegaan, maar Rut het aan haar vasgeklou.
- 15 Haar skoonmoeder sê vir haar: "Let op, jou skoonsuster het omgedraai na haar volk en na haar familie toe; gaan terug agter jou skoonsuster aan!"
- 16 Rut sê vir haar: "Dit is ver van my om weg te draai daarvan om u te volg en u te los, want waar u gaan, sal ek gaan en waar u bly, sal ek bly; u volk sal my volk wees en u God my God.
- 17 Waar u sterf, sal ek sterf en daar begrawe word! Mag יהוה so aan my doen en ook meer, as selfs die dood my van u kan skei."
- 18 Toe Na'omi sien dat sy vasbeslote was om saam met haar te gaan, het sy opgehou om haar te pols om terug te gaan.
- 19 Hulle het saam gegaan totdat hulle by Beit-Legem in Y'hudah gekom het. Toe hulle in Beit-Legem kom, het dit gebeur dat die hele stad oor hulle verheugd was en hulle het gesê: "Is dit Na'omi?"

- 20 Sy het vir hulle gesê: “Noem my nie Na’omi nie, maar noem my Mara, want die Almagtige het bitterlik met my gewerk.
- 21 Vol het ek van hier af weggetrek en יהוה het my leeg teruggebring; hoekom my Na’omi noem, aangesien יהוה my verneder het en my deeglik geteister het?”
- 22 Na’omi het só teruggekeer en Rut, die Mo’avië, haar skoondogter, wat heelhartig bereid was om saam met haar terug te gaan, saam met haar. Hulle het vanaf die land van Mo’av in Beit-Legem aangekom aan die begin van die gars oes.
- 2** 1 Na’omi het ’n familielid van haar man gehad, ’n bekende ryk man, uit die familie van Elimelekh, wie se naam Bo’az was.
- 2 Rut, die Mo’avië, het vir Na’omi, haar skoonmoeder gesê: “Laat my nou na die land toe gaan en are optel agter die snyers in wie se oë ek guns mag vind.” Haar skoonmoeder antwoord haar: “Gaan my dogter.” ^{Deut 24:19}
- 3 Rut het gegaan om are graan op te tel agter die snyers; dit het gebeur dat sy op ’n stuk land gekom het wat aan Bo’az behoort, wat familie was van Elimelekh.
- 4 Let op, Bo’az het uit Beit-Legem gekom en aan die snyers gesê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle.” Hulle het hom geantwoord: “יהוה seën u!”
- 5 Toe sê Bo’az vir die jongman wat in beheer was van die snyers: “Wie se jong vrou is hierdie?”
- 6 Die jongman antwoord en sê vir hom: “Dit is die Mo’avitese vrou wat saam met Na’omi teruggekom het vanaf die land van Mo’av
- 7 en sy het gesê: ‘Laat my die are graan agter die snyers optel.’ Sy het vanaf die oggend tot die tyd van rus toe opgetel.”
- 8 Toe sê Bo’az vir Rut: “My dogter, het jy nie die spreuk gehoor: ‘Moenie graan optel in ’n land wat nie joune is nie?’ Bly daarom hier en bly naby my diensmeisies.
- 9 Kyk na die land wat hulle afsny en volg hulle. Let op, ek het die jongmanne beveel dat niemand jou sal kwaad aandoen nie en wanneer jy dors word, gaan drink van die kanne wat die jongmanne geskep het.”
- 10 Toe val sy met haar gesig op die grond en betoon eerbied aan hom en sê: “Is dit omdat ek guns in u oë gevind het dat u my erken, aangesien ek ’n vreemdeling is?”
- 11 Bo’az sê vir haar: “Ek is ten volle ingelig oor alles wat jy vir jou skoonmoeder gedoen het ná die dood van jou man en nou het jy jou vader en jou moeder en jou familie verlaat en na ’n volk gekom wat jy nie vroeër geken het nie.
- 12 Mag יהוה, die God van Yisra’el jou beloon en mag die een onder wie se vlerk jy kom skuil het, jou terugbetaal.”
- 13 Toe het sy vir hom gesê: “Omdat ek guns in u oë gevind het, my meester en u my getroos het en met gevoel met u diensmaagd gepraat het, laat my soos een van u diensmaagde wees.”
- 14 By etenstyd het Bo’az vir haar gesê: “Kom nader en eet van die brood” en hy het haar langs die snyers gesit en vir haar garsmeel gegee en brood gedoop in asyn. Toe het hy vir haar gebraaide koring gegee en sy het geëet en was versadig en het nog oorgehou.

- 15 Toe sy opgestaan het om are op te tel, het Bo'az sy diensknegte beveel en gesê: "Laat haar selfs ook tussen die gerwe optel en moet haar nie kwaad aandoen nie"
- 16 en hulle het haar tussen die gerwe laat optel en haar nie kwaad aangedoen nie.
- 17 Sy het op die land opgetel tot die aand toe en uitgeslaan wat sy opgetel het; dit was omtrent 'n efa gars.
- 18 Sy het dit opgetel en ingegaan stad toe en vir haar skoonmoeder gewys wat sy opgetel het en vir haar van die kos gegee wat sy oorgehou het nadat sy versadig was.
- 19 Haar skoonmoeder vra vir haar: "Waar het jy vandag opgetel? Geseënd is die plek waar jy was en die man in wie se oë jy guns gevind het!" Sy het haar skoonmoeder vertel waar sy was en gesê: "Die naam van die man in wie se land ek vandag opgetel het, is Bo'az."
- 20 Na'omi sê vir haar skoondogter: "Geseënd is הוה", want Hy het nie Sy goedheid laat ophou van die lewende of van die dooies nie." Na'omi sê ook vir haar: "Die man is naby familie van ons, hy is een van ons naaste familie."
- 21 Rut sê vir haar skoonmoeder: "Hy het ook vir my gesê: 'Jy moet naby my diensknegte bly totdat die oes klaar is'".
- 22 Na'omi het vir Rut, haar skoondogter, gesê: "Gelukkig is jy, my dogter, dat jy naby sy diensmeisies gebly het en niemand jou kwaad aangedoen het op die land wie se eienaar jy nie geken het nie."
- 23 Sy het naby die diensmeisies van Bo'az gebly om are op te tel tot die einde van die gars oes en die koring oes. Rut het by haar skoonmoeder gebly.
- 3** 1 Toe sê Na'omi vir haar: "My dogter, sal ek nie vir jou rus soek sodat dit met jou goed kan gaan nie?"
- 2 Let op, Bo'az, by wie se diensmeisies jy was, is ons familie. Let op, hy wan vannag gars uit op die dorsvloer.
- 3 Was jou daarom, salf jou, trek jou beste klere aan en gaan af na die dorsvloer toe; moet jouself nie aan hom wys totdat hy klaar geëet en gedrink het nie.
- 4 Laat dit wees wanneer hy gaan dat jy oplet waar hy gaan lê en nader gaan en naby sy voete gaan lê en hy sal vir jou vertel wat jy moet doen."
- 5 Sy antwoord haar: "Alles wat u sê, sal ek doen."
- 6 Sy het afgegaan na die dorsvloer en gedoen volgens alles wat haar skoonmoeder haar beveel het.
- 7 Nadat Bo'az geëet en gedrink het en sy binneste vrolik was, het hy gaan lê langs die dorsvloer. Terwyl hy in diep slaap was by die dorsvloer, het sy stilletjies gekom en die onderpunt van sy bo-kleed opgelig en naby sy voete gaan lê.
- 8 Dit het om middernag gebeur dat die man wakker geword het en geskrik het toe hy sien daar lê 'n vrou by sy voete.
- 9 Hy vra vir haar: "Wie is jy?" Sy antwoord: "Ek is Rut, u dienaress; bedek dan u dienaress met die onderkant van u bo-kleed, want u is naby familie."
- 10 Bo'az sê vir haar: "Geseënd is jy deur הוה", my dogter, want jy het meer goedheid gewys in die later deel van jou lewe as in die eerste omdat jy nie agter jongmanne, ryk of arm, aangegaan het nie.

- 11 Wees nou nie bang nie, my dogter, want alles wat jy van my vra, sal ek vir jou doen, want die hele familie van ons volk weet dat jy 'n deugsame vrou is.
- 12 Nou, dit is waar dat ek naby familie is, maar daar is egter 'n ander familielid, nader as ek.
- 13 Nou, bly vannag hier tot die sonsopkoms en in die oggend sal dit wees dat, as hy sy familieplig teenoor jou wil nakom, laat hy dit doen, maar as hy onwillig is om dit na te kom, dan, so waar as לֵךְ leef, as hy dit nie doen nie, dan sal ek dit doen!" Toe sê hy vir haar: "Bly lê tot die oggend toe."
- 14 Sy het by sy voete gelê tot die oggend toe en het vroeg die oggend terwyl dit nog donker was, voordat een die ander kon herken, opgestaan en vir hom gesê: "Laat dit nie bekend wees dat ek afgekom het na u toe, by die dorsvloer nie."
- 15 Bo'az sê vir haar: "Sprei jou mantel oop" en sy het dit oopgesprei. Hy het ses mate gars afgemeet en dit opgelig en op haar rug gesit en sy het die stad ingegaan.
- 16 Toe sy by haar skoonmoeder gekom het, vra sy vir haar: "Wie is jy, my dogter? Sy antwoord: "Ek is Rut." Sy het aan haar alles vertel wat Bo'az vir haar gedoen het
- 17 en hoe hy ses mate gars vir haar gegee en gesê het: "Moenie met leë hande na jou skoonmoeder toe gaan nie."
- 18 Toe sê haar skoonmoeder vir haar: "Sit stil, my dogter totdat jy die uitslag ken, want die man sal nie rus totdat hy vandag nog die saak tot 'n besluit gebring het nie."
- 4** 1 Toe het Bo'az opgegaan na die stadspoort en daar gaan sit. Let op, die naby familielid waarvan Bo'az gepraat het, het daar verbygekom en Bo'az sê vir hom: "Kom nader en sit hier!" Die man sê vir hom: "Wat is jou begeerte?" Hy het nader gekom en gaan sit.
- 2 Bo'az het tien man uit die oudstes van die stad gekies en hulle by hom laat sit
- 3 en hy sê vir die naby familie: "Na'omi verkoop aan my die stuk grond wat aan ons broer Elimelekh behoort het,
- 4 ek het gedink om jou te laat weet en vir jou te sê: "Koop dit in die teenwoordigheid van hulle wat hier sit, want ek is gereed om te praat en dit te koop in die teenwoordigheid van die oudstes van my volk wat hier sit. Nou, as jy dit wil oorneem, neem dit oor, maar as jy dit nie wil oorneem nie, sê my sodat ek kan weet dat jy dit nie gaan oorneem nie, dan sal ek dit oorneem." Hy antwoord: "Ek sal dit oorneem."
- 5 Toe sê Bo'az: "Die dag as jy die grond koop uit die hand van Na'omi en van Rut, die Mo'aviet, die vrou van hom wat dood is, moet jy dit koop met die voorneme om die naam van die dooie op te lig oor sy erfenis."
- 6 Die naby familielid sê: "Ek kan dit nie vir myself oorneem nie, anders doen ek my eie erfenis skade; jy kan dit self oorneem. As gevolg van my gebrek aan oortuiging oor die transaksie, kan ek dit nie oorneem nie."
- 7 Nou, hierdie was die tradisie in die vroeër tyd in Yisra'el, aangaande die oorneem en omruil van regte, om die saak te bevestig: die man trek sy sandaal uit en gee dit aan die ander; dit was die seremonie vir bekragtiging in Yisra'el; ^{Deut 25:7-9}
- 8 daarom het die naby familie vir Bo'az gesê: "Koop dit vir jouself" en hy het sy sandaal uitgetrek.

- 9 Bo'az het vir die oudstes en al die mense gesê: "Julle is getuies op hierdie dag dat ek alles wat aan Elimelekh en alles wat aan Kilyon en Maglon behoort het, uit die hand van Na'omi gekoop het.
- 10 Ek het verder ook vir Rut, die Mo'aviet, die vrou van Maglon, gevat om my vrou te wees, om die naam van die dooie oor sy erfenis op te rig sodat die naam van die dooie nie afgesny sal wees en sy herinnering nie vergeet word tussen sy broers en sy familie nie; julle is getuies op hierdie dag."
- 11 Al die mense en die oudstes wat by die stadspoort was, het geantwoord: "Ons is getuies." Hulle het hom geseën en vir hom gesê: "Mag יהוה hierdie vrou wat in jou teenwoordigheid kom, maak soos Ragel en soos Le'ah, want hulle het saam die huis van Yisra'el opgebou; mag jy waardiglik doen in Efrat en naam maak in Beit-Legem!
- 12 Laat jou huis wees soos die huis van Peretz, wat uit Tamar vir Y'hudah gebore is en mag יהוה vir jou 'n nageslag gee uit hierdie vrou!"
- 13 So het Bo'az vir Rut gevat en sy het sy vrou geword en toe hy by haar ingegaan het, het יהוה vir haar bevrugting gegee en sy het geboorte gegee aan 'n seun.
- 14 Die vroue het vir Na'omi gesê: "Geseënd is יהוה wat jou nie op hierdie dag sonder 'n naby familielid gelos het nie sodat sy naam in Yisra'el verkondig kan word.
- 15 Hy sal vir jou 'n vertrooster van jou lewe en 'n verfrisser vir jou stad wees, want jou skoondogter, wat jou lief het en vir jou beter is as sewe seuns, het geboorte aan hom gegee."
- 16 Na'omi het die seun gevat en aan haar bors gehou en hom versorg.
- 17 Die vroue wat haar bure was het gesê: "'n Seun is vir Na'omi gebore." Hulle het sy naam 'Oved genoem; hy is die vader van Yishai, die vader van Dawid.
- 18 Nou, hierdie is die geslagte van Peretz: Peretz is die vader van Hetzron,
- 19 Hetzron is die vader van Aram, Aram van 'Amminadav, ^{Mat 1:4}
- 20 'Amminadav van Nagshon en Nagshon van Salmon,
- 21 Salmon van Bo'az, Bo'az van 'Oved,
- 22 'Oved van Yishai en Yishai van Dawid.

Die twee en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sesde boek van die Geskrifte

Een van die vyf ‘meghilloth,’ of boekrolle, wat tydens die
feeste gelees word.

Eikhah

(Klaagliedere)

אֵיכָה - “hoe?” of קִינֹת - “Klaagliedere”
Eikhah of Qinot

Die boek handel oor die groot katastrofe wat Yisra’el, veral
Yerushalayim, getref het ongeveer 587-586 voor Yeshua
en is deur Yirmeyahu geskryf.

- 1 1 Hoe sit die stad alleen wat vol mense was! Hoe het sy geword soos 'n weduwee! Sy wat so groot was onder die nasies en sy wat 'n prinses was, het 'n betaalpligtige geword.
- 2 Bitterlik huil sy snags en haar trane hardloop oor haar wange! Uit al haar liefdes het sy niemand om haar te troos nie, al haar vriende het bedrieglik teenoor haar opgetree, hulle het haar vyande geword. ^{Yeg 23:16}
- 3 Y'hudah het in ballingskap gegaan, in ellende en slawerny; sy dwaal tussen die nasies, vind geen rus nie; al haar vervolgers haal haar in te midde van verdrukkings.
- 4 Die paaie na Tziyon treur omdat niemand na die vasgestelde feeste kom nie; al haar poorte is verlate, haar priesters sug, haar maagde word verneder en sy is bitter.
- 5 Haar onderdrukkers het haar heersers geword en haar teëstanders het 'n einde aan haar gemaak, want יהוה het haar laat ly weens die menigte van haar sondes; haar kinders het in ballingskap gegaan voor die teëstander
- 6 en al die glans en grootheid het gewyk van die dogter van Tziyon af; haar prinse het geword soos bokke wat geen weiveld vind nie en is kragteloos weg voor die vervolger.
- 7 In haar tyd van onderdrukking en straf onthou Yerushalayim al die aangename dinge wat sy in die ou dae gehad het. Toe haar volk in die hande van die onderdrukker geval het en sy niemand gehad het om haar te help nie, het die onderdrukker haar gesien en gespot met haar verwoesting.
- 8 Yerushalayim het ernstig gesondig; daarom het sy verwerplik geword; almal wat haar geëer het, het haar verag omdat hulle haar kaalheid gesien het; ja, sy sug en draai om. ^{Yeg 39:23,24}
- 9 Haar onreinheid is in haar rokke, sy het nie aan haar einde gedink nie en daarom is haar eer en lof laag, sy het geen vertrooster nie. O, יהוה, sien my ellende, want die vyand het homself vergroot.
- 10 Die onderdrukker het sy hand uitgesteek na al haar kosbaarhede, want ek het gesien dat die ander nasies U afgesonderde plek onteer, van wie U bevel gegee het dat hulle nie in U vergadering mag kom nie. ^{Deut 23:3,4; 2 Kon 25; Yir 52; Yeg 24:21}
- 11 Al haar mense sug, hulle soek brood; hulle het al hul kosbaarhede vir kos gegee, om hulle lewe te verlig. Kyk, יהוה en sien, ek word verag.
- 12 Is dit vir julle niks nie, julle almal wat verbygaan? Verstaan en kyk of daar 'n pyn is soos my pyn, wat יהוה vir my uitgedeel het, want יהוה het my geteister op die dag van Sy vreeslike woede.
- 13 Van bo af het Hy vuur gestuur in my gebeente en dit het my verneder; Hy het 'n net vir my voete uitgesprei en my laat terugdraai, Hy het my aan die swaard oorgegee en ek is die hele dag lank ellendig.
- 14 My sonde het vergelding op my afgebring, Sy juk is met Sy hande op my nek vasgebind, my krag faal. יהוה het my oorgegee in die hande van hulle voor wie ek nie kan staande bly nie.
- 15 יהוה het al my magtiges binne-in my onderwerp, Hy het 'n vergadering teen my uitgeroep om my jongmanne te vernietig; יהוה het die maagd van Y'hudah soos in 'n parskuip getrap.

- 16 Oor hierdie dinge huil ek, my oog loop in trane, want die vertrooster wat my lewe moet verkwik, is ver van my; my seuns is verlate omdat die vyand oorwin.
- 17 Tziyon steek haar hande uit en daar is niemand om haar te troos nie; יְהוָה het opdrag gegee teen Ya'akov en sy onderdrukkers is rondom hom; Yerushalayim het veragtelik geword in hulle midde.
- 18 יְהוָה is regverdig en ek het teen Hom rebelleer. Hoor, al julle volke en sien my smart; my maagde en my jongmanne is weg in gevangenskap.
- 19 Ek het geroep na hulle wat my lief het, maar hulle het my mislei; my priesters en my oudstes het in die stad gesterf; hulle het kos gesoek om hul lewe te verlig en niks gekry nie.
- 20 Let op, o יְהוָה, ek is benoud, my lewe is in die moeilikheid, my binneste het pyn, want ek het ernstig gerebelleer; buitekant verteer die swaard en hulle wat in die huis is, word deur die dood verslind.
- 21 Hulle het gehoor dat ek sug, daar is niemand om te vertroos nie; al my vyande het van my onheil gehoor, hulle is bly dat U dit gedoen het. Verhaas die dag wat U aangekondig het, die vyand sal word soos ek. ^{Yeg 25-39}
- 22 Laat al hulle boosheid voor U kom; teister hulle soos U my geteister het vir al my oortredinge, want ek sug baie en my verstand, wil en emosie is swak.
- 2** 1 Hoe het יְהוָה in Sy woede die dogter van Tziyon met 'n dik wolk bedek! Hy het die lof en eer van Yisra'el vanuit die hemel op die aarde neergegooi en het nie sy voetbank onthou op die dag van Sy woede nie.
- 2 יְהוָה het al die blyplekke van Ya'akov sonder jammerte verslind; Hy het in Sy toorn die vestings van die dogter van Y'hudah neergegooi, die konings, die prinse en die gevalle manne grond toe gebring.
- 3 Hy het in Sy vreeslike woede al die krag van Yisra'el afgesny; Hy het sy regterhand van voor die vyand teruggetrek en 'n vuur aangesteek in die land van Ya'akov en die vuurvlamme het magtiglik rondom verteer. ^{Yeg 22:31}
- 4 Hy het Sy boog gespan soos 'n vyand, Sy hand opgelig soos 'n onderdrukker en alles in die tent van die dogter van Tziyon, wat aangenaam was vir die oog, gedood; Hy het Sy woede uitgegooi soos vuur.
- 5 יְהוָה het soos 'n vyand geword, Hy het Yisra'el verslind, al haar paleise verwoes, verwoesting gesaai in al haar provinsies en rou en klaagliedere in die dogter van Y'hudah vermenigvuldig.
- 6 Hy het Sy tent soos 'n afdak in 'n tuin neergegooi, die plekke van Sy feeste vernietig; יְהוָה het die vasgestelde feestye en Shabbat in Tziyon laat vergeet en in Sy verontwaardigde woede, konings en priesters verwerp.
- 7 יְהוָה het Sy Afgesonderde Plek vergeet, Sy altaar verag, die mure van haar paleise in die hand van die vyand oorgelewer; hulle het uitgeskree in die huis van יְהוָה soos op die dag van 'n afgesonderde fees. ^{Vir 52:13,17,20}
- 8 יְהוָה het Hom voorgeneem om die muur van die dogter van Tziyon te vernietig; Hy het die maatband uitgesteek en nie Sy hand teruggetrek van haar vernietiging nie; daarom het Hy haar leërmagte in rou laat sit, haar mure het volkome verlate geword.

- 9 Haar poorte het in die grond ingesink, Hy het haar grendels gebreek en vernietig; haar konings en haar prinse is tussen die ander nasies; daar is geen wet nie en haar profete het geen visioene vanaf יהוה ontvang nie.
- 10 Die oudstes van die dogter van Tziyon sit op die grond en bly stil; hulle het stof op hul koppe gegooi, rouklere aangetrek; die maagde van Yerushalayim hang hulle koppe af na die aarde.
- 11 My oë is dof van trane, my lewe is omgekrap, my moraal is laag op die grond as gevolg van die verwoesting van die dogter van my volk, want die klein kindertjies en babas val flou in die strate van die stad.
- 12 Hulle vra vir hul moeders: “Waar is koring, wyn en botter?” wanneer hulle flou val soos neergeslaandes in die strate van die stad, wanneer hulle lewe uitgestort word aan die bors van hul moeders.
- 13 Watter getuienis kan ek vir jou gee en waarmee kan ek jou vergelyk, dogter van Yerushalayim? Waarmee sal ek jou vergelyk sodat ek jou kan vertroos, maagd, dogter van Tziyon, want jou skeur is so groot soos die see, wie kan dit stop?
- 14 Jou profete het vir jou valse en misleidende visioene gesien en hulle het niks van jou sondes aan jou openbaar sodat jy dit kan sien en omdraai en Ek jou kan terugbring uit gevangenskap, nie, maar het vir jou valse en misleidende profesieë gesien.
- 15 Almal wat met die pad verbygaan, slaan die hande saam oor jou; hulle spot en skud hulle koppe oor die dogter van Yerushalayim en sê: “Is dit die stad wat mense ‘Die volmaaktheid van skoonheid, die vreugde van die hele aarde’ genoem het?”
- 16 יהוה het gedoen wat Hy beplan het, Sy Woord volbring wat Hy in die ou tyd beveel het; Hy het haar sonder jammerte neergegooi en haar vyand oor haar bly gemaak. Hy het mag aan jou onderdrukkers gegee.
- 17 Al jou vyande praat boos teen jou, hulle spot en kners hulle tande en sê: “Ons het haar verslind, dit is sekerlik die dag waarna ons uitgesien het; ons het dit gevind, dit gesien!”
- 18 Die volk se verstand, wil en emosie het van die mure van die dogter van Tziyon na יהוה uitgeroep. Laat jou trane afloop soos ’n stroom, dag en nag; gun jouself geen rus nie, laat die appel van jou oog nie ophou trane stort nie.
- 19 Staán op, roep uit in die nag, aan die begin van die nagwake, stort jou binneste uit soos water voor die Teenwoordigheid van יהוה, lig jou hande op na Hom vir die lewens van jou kinders wat flou val van honger by die hoek van elke straat.
- 20 Kyk, o יהוה en let op aan wie U so gedoen het! Sal die vroue hulle vrug eet, sal die kinders plat op die grond lê weens hongersnood? Sal die priester en die profeet in die Afgesonderde Plek van יהוה doodgeslaan word? Deut 28:57; Yir 52:24-27
- 21 Oud en jonk lê op die grond in die strate; my maagde en my jongmanne het deur die swaard geval; U het doodgemaak op die dag van U woede, U het neergeslaan sonder jammerte.
- 22 U het, asof op ’n feesdag, my teëstanders rondom my geroep sodat op die dag van יהוה se woede, niemand ontsnap of oorleef het nie; die wat ek op die arms gedra en grootgemaak het, is deur my vyand verteer.

- 3** 1 Ek is die man wat teistering ontvang het deur die lat van Sy woede.
 2 Hy het my gelei, maar ek het in duisternis en nie in lig geloop nie.
 3 Hy het sekerlik teen my gedraai, Hy draai die hele dag Sy hand teen my.
 4 My vlees en my vel het Hy laat oud word, Hy het my gebeente gebreek.
 5 Hy het skuins walle teen my gebou, my omsingel met bitterheid en moeite.
 6 Hy het my soos 'n dooie vir ewig in donker plekke laat bly.
 7 Hy het my toegemuur sodat ek nie kan ontsnap nie, my ketting swaar gemaak.
 8 Alhoewel ek smee en bid, luister Hy nie na my gebed nie.
 9 Hy het my lewenspad met dorings ingekamp, my paaie krom gemaak.
 10 Hy was vir my soos 'n wolf wat lê en wag, soos 'n leeu in wegkruipplekke.
 11 Hy het my paaie krom gemaak en my in stukke gesny, my verlate gemaak.
 12 Hy het sy boog gespan en my as 'n teiken vir die pyl opgestel.
 13 Let op, Hy het die pyle in my niere laat ingaan. ^{Iyov 16:13}
 14 Ek is die hele dag lank die bespotting van al die nasies en van hulle spotlied.
 15 Hy het my met bitterheid gevul, my dronk gemaak met wilde-als.
 16 Hy het my tande met 'n klip gebreek, my met as bedek.
 17 My lewe het afgedwaal van vrede af, ek het voorspoedigheid vergeet
 18 en ek het gesê: "My beroemdheid en my versekerde verwagting van יהוה het vergaan."
 19 Onthou my teistering en my tugtiging, die bitterheid en smart.
 20 Onthou en herstel my lewe tot my.
 21 Hieraan herinner ek my gedagtes; daarom het ek versekerde verwagting in God.
 22 Die sakte goedheid van יהוה hou sekerlik nooit op nie en Sy liefdevolle omgee faal nooit nie;
 23 hulle is nuut, elke oggend; U getrouheid is groot.
 24 "יהוה" is my Gedeelte," sê my lewe; "daarom sal ek in Hom 'n versekerde verwagting hê." ^{Heb 11:1-2}
 25 יהוה is goed vir hom wat op Hom wag, vir die lewe wat Hom soek.
 26 Dit is goed vir 'n man om beide die waarheid en die verlossing van יהוה te verwag.
 27 Dit is goed vir 'n man as hy U juk in sy jeug dra. ^{Mat 11:29, 30}
 28 Laat hom alleen sit en stilbly, want hy het U juk op hom geplaas.
 29 Laat hy homself nederig maak, want daar is 'n versekerde verwagting!
 30 Laat hy sy wang draai vir die een wat hom slaan, ^{Luk 6:29} laat hom gevul wees met skaamte,
 31 want יהוה sal nie vir ewig vergeet nie,
 32 maar alhoewel Hy leed veroorsaak, tog sal Hy liefdevolle omgee hê volgens die menigte van Sy goedheid,
 33 want Hy onderdruk nie gewilliglik nie, maar Hy maak die seuns van die mens nederig.
 34 Om al die gevangenes van die aarde onder sy voete te onderdruk,
 35 om die reg van 'n man weg te draai voor die gesig van die Allerhoogste
 36 en om 'n mens onregverdig te behandel in sy regspraak, keur יהוה nie goed nie.

- 37 Wie is hy wat praat en dit gebeur, as יְהוָה dit nie beveel het nie?
 38 Uit die mond van die Allerhoogste kom nie boosheid en goedheid nie;
 39 daarom, hoekom sal enige lewende mens die straf vir sy sonde bevraagteken?
 40 Laat ons ons lewenswyse ondersoek en toets en weer terugdraai na יְהוָה;
 41 laat ons ons verstand, wil en emosie saam met ons hande ophang tot God in die hemel.
 42 Ons het oortree en gerebelleer en U het nie vrygespreek nie.
 43 U het ons met U toorn bedek en ons agtervolg; U het gedood en nie jammer gekry nie.
 44 U het Usself in U wolk toegevoeg, U het ons gebed laat verbygaan.
 45 U het ons ontwortel en veragterend onder die volke gemaak.
 46 Die trane hardloop uit my oë en hou nie op nie, want daar is geen vertrooster nie
 47 totdat יְהוָה vanuit die hemel afkyk en dit raaksien.
 48 My oë is leeggeloop aan trane oor die vernietiging van al die dogters van die stede van my volk.
 49 Al ons vyande praat boos teen ons,
 50 vrees en bewing kom oor ons, 'n strik en vernietiging.
 51 Ek huil ernstig oor die vernietiging van die dogters van my stad.
 52 My vyande het my sonder oorsaak gejag soos 'n voël;
 53 hulle het my lewe in 'n put afgesny; hulle het klippe na my gegooi.
 54 Water het oor my kop gestroom, toe het ek gesê: "Ek is ver weggegooi!"
 55 Ek roep U Naam (Karakter en Outoriteit) aan, יְהוָה, uit die diepte van die put.
 56 U het my stem gehoor; draai nie U oor van my uitroep af weg nie, maar verlos my en red my. Yir 38:6-13
 57 U het nader gekom op die dag dat ek na U uitgeroep het; U het gesê: "Moenie bang wees nie!"
 58 O, יְהוָה, U het my saak verdedig, U het my lewe gered.
 59 O, יְהוָה, U het my verdrukking gesien, my saak geoordeel.
 60 U sien al hulle wraak en al hulle planne teen my.
 61 יְהוָה, U het hulle spot gehoor en al hulle planne teen my;
 62 die lippe van my teëstanders en hulle planne, die hele dag lank teen my.
 63 Let op, ek verstaan hulle gedrag en hulle optrede, as gevolg van hulle planne.
 64 Gee vir hulle terugbetaling, יְהוָה, volgens die werke van hulle hande.
 65 Gee vir hulle smart van verstand, wil en emosie, laat hulle onderdrukking hul agtervolg.
 66 In U woede, vernietig hulle van onder U hemel uit, יְהוָה.
- 4** 1 Hoe word die fyn goud verwerp, hoe word die lieflike kleure verdof, die stene van die Afgesonderde Plek word op elke straathoek weggegooi!
 2 Die kosbare seuns van Tziyon, wat beter is as kosbare stene, hoe word hulle gereken soos erdekruike, die werk van die hande van die pottebakker.
 3 Die vroue ontbloot hulle borste en, soos jakkalse, gee hul aan die kleintjies om te suig; die dogters van my volk het geword soos wonde wat nie kan genees nie en soos volstruise in die wildernis.

- 4 Die tong van die suigeling kleef aan sy verhemelte vas van die dors, kindertjies vra brood, maar niemand breek dit en gee vir hulle nie.
- 5 Hulle wat lekkernye geëet het, is eensaam op die strate; hulle wat grootgemaak is in skarlaken, slaap op mishope,
- 6 want die oortredinge van die dogter van my volk was groter as die sonde van S'dom, wat soos in 'n oomblik omvergewerp is, sonder dat iemand die hand daaraan geslaan het.
- 7 Haar Natzireërs was reiner as sneeu, witter as melk, hulle wange rooier as robyne en hulle vorm mooier as saffier.
- 8 Nou is hulle voorkoms egter swarter as houtskool, hulle word nie herken op die strate nie; hulle vel is verrimpeld aan hul gebeente, dit het opgedroog en soos 'n stok geword.
- 9 Dié wat deur die swaard neergeslaan is, is gelukkiger as die wat deur die honger neergeslaan is, want hulle kwyn weg, soos gewondes wat in die veld gegooi word.
- 10 Die hande van vroue wat omgee, het hulle eie kinders gekook; dit was hulle kos in die verwoesting van die dogter van my volk. Deut 28:53; 2 Kon 6:28-30
- 11 יהרה het Sy toorn voltooi, Hy het Sy vreeslike woede uitgestort en 'n vuur in Tziyon aan die brand gestee wat haar fondasies verteer het.
- 12 Die konings van die aarde en al die inwoners van die wêreld het dit nie geglo dat 'n vyand of onderdrukker die poorte van Yerushalayim sou binnegaan nie.
- 13 Dit het gebeur as gevolg van die sondes van haar profete, die oortredinge van haar priesters, wat in haar die bloed van die regverdiges vergiet het. Yeg 39:21-24
- 14 Haar prinse het in haar strate rondgedwaal, deurdrenk met bloed sodat niemand hulle klere kon aanraak nie.
- 15 Sonder jouself af van hulle, noem hulle onrein; gaan weg, gaan weg en moenie aan hulle raak nie, want hulle het uitlokking veroorsaak en is gepla. Onder die ander nasies het hulle gesê: "Hulle sal nie langer hier vertoef nie." Z'kh 2:11; Open 18:4
- 16 Ons oë het dof geword van wag op hulp; ons wagters het tevergeefs gewag op 'n nasie wat nie kon red nie.
- 17 Die Teenwoordigheid van יהרה het hulle verdeel, Hy sal hulle nie meer in ag neem nie. Hulle het die persoon van die priesters nie respekteer nie, geen liefdevolle omgee vir die grysaards bewys nie.
- 18 Hulle het jaggemaak op die kleinere mense en hulle wat in die strate loop; ons einde is naby, ons dae is verby, want ons tyd het gekom.
- 19 Ons vervolgers was vinniger as die arende in die lug. Hulle het ons op die berge agtervolg, ons in die wildernis voorgelê.
- 20 Ons, gesalfde van יהרה, (van wie ons gesê het: "Onder Sy skaduwee sal ons tussen die nasies bly") se gees is in hulle putte gevang.
- 21 Verbly en verheug jou, dogter van Edom, wat in die land van 'Utz bly; die beker sal ook na jou toe aangegee word, jy sal dronk word en jouself kaal uittrek.
- 22 Jou oortredinge het tot 'n einde gekom, dogter van Tziyon; God sal jou nie meer wegdra in gevangenskap nie, maar jou oortredinge sal gestraf word, dogter van Edom, jou sondes is goed ontbloot. Yir 49:7; Yeg 25:12-14; Yo'el 3:19

- 5 יהוה¹, onthou wat oor ons gekom het, let op en sien ons bespotting.
2 Ons erfenis is aan vreemdes oorgedra, ons huise aan buitelanders.
3 Ons het wese en vaderloos geword, ons moeders is soos weduwees.
4 Ons het ons water gedrink vir geld, ons hout word aan ons verkoop.
5 Ons nekke is onder jukke; ons werk en het geen rus nie.
6 Die Mitzrayimiete het 'n helpende hand gegee en ons het na Ashur gekyk om brood te voorsien.
7 Ons vaders het gesondig en is nie meer nie en óns het hulle oortredinge gedra.
8 Diensknegte heers oor ons, daar is niemand om ons uit hulle hand te bevry nie.
9 Ons kry ons brood in lewensgevaar, as gevolg van die swaard in die wildernis.
10 Ons vel is ingekrimp asof in 'n oond gebrand, as gevolg van die lyding in hongersnood.
11 Vroue word onteer in Tziyon, maagde in die stede van Y'udah.
12 Prinse word aan hulle hande opgehang, die gesigte van die grysaards word nie geëer nie.
13 Jongmanne draai die meul en die jeug struikel onder vragte hout.
14 Die oudstes het opgehou om in die poort te wees, die jongmanne met hulle instrumentale musiek.
15 Die vreugde van ons verstand, wil en emosie het opgehou, ons danse het in rou verander.
16 Die kroon het van ons kop afgeval; wee ons, want ons het gesondig.
17 Oor hierdie dinge het ons verstand, wil en emosie flou geword, oor hierdie dinge is ons oë dof
18 omdat die berg Tziyon verlate is, die jakkalse loop daarop,
19 maar U, יהוה, hou aan vir ewig, U troon is van geslag tot geslag;
20 daarom, vergeet ons nie vir altyd nie en verlaat ons nie vir so 'n lang tyd nie.
21 Bring ons terug na U toe, o יהוה, en ons sal herstel word; vernuwe ons dae soos vroeër,
22 want U het ons heeltemal verwerp, U was uitermate kwaad vir ons.

Die drie en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die sewende boek van die Geskrifte

Een van die vyf 'meghilloth,' of boekrolle, wat tydens die
feeste gelees word.

Kohelet

(Prediker)

קְהֵלֶת - Prediker of lid van 'n vergadering.
Kohelet

Die boek is deur Shlomo, seun van Dawid, geskryf.

- 1 1 Die woorde van die prediker, die seun van Dawid, koning in Yerushalayim.
- 2 Kortstondigheid van kortstondigheid, sê die prediker, kortstondigheid van kortstondigheid, dit is alles kortstondig!
- 3 Watter voordeel het die mens van al sy harde werk waarmee hy hom vermoei onder die son?
- 4 Een geslag gaan verby en die ander geslag kom, maar die aarde bly vir ewig. ^{Ps 104:5}
- 5 Die son kom op en die son gaan onder en haas hom na die plek waar hy opgekom het sodat hy weer daar kan opkom.
- 6 Die wind waai na die suide en draai om na die noorde, dit draai voortdurend en keer weer terug volgens sy kringloop.
- 7 Al die riviere loop in die see, tog is die see nie vol nie; na die plek vanwaar die riviere loop, keer dit terug om weer te loop.
- 8 Alles is uitputtend, 'n mens word nie tevrede gestel deur te praat nie, sy oog word nie bevredig deur te sien nie en ook nie sy oor deur te hoor nie.
- 9 Dit wat was, is dit wat sal wees en dit wat gedoen is, is dit wat gedoen sal word en daar is niks nuuts onder die son nie.
- 10 Wie ook al praat en sê: "Kyk, dit is nuut," moet weet dat dit reeds was in die geslagte voor ons.
- 11 Daar is geen nagedagtenis van vorige geslagte nie en daar sal ook nie herinneringe wees van geslagte wat kom by hulle wat daarná kom nie.
- 12 Ek, die prediker, is koning oor Yisra'el in Yerushalayim.
- 13 Ek het met my verstand, wil en emosie, met wysheid alles ondersoek wat onder die hemel gedoen word; om daarmee besig te wees, is 'n moeilike taak wat God aan die mensekinders gegee het.
- 14 Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word en kyk, dit was alles kortstondig en 'n ergernis van gees.
- 15 Die chaotiese kan nie ordelik gemaak word nie en hy wat kennis ontbreek, kan nie voorsien word nie.
- 16 Ek het met myself gepraat en gesê: "Let op, ek het groot geword en meer wysheid bekom as almal wat voor my in Yerushalayim was. Ja, my verstand het baie ondervinding van wysheid en kennis.
- 17 Ek het my verstand gegee om wysheid, spreuke en insig te ken, maar ek het ook ingesien dat dit 'n ergernis van gees is,
- 18 want in baie wysheid is baie verdriet en hy wat kennis vermeerder, vermeerder smart.
- 2 1 Ek het in my binneste gesê: "Kom nou, ek sal jou met vreugde toets, geniet daarom die goeie dinge." Let op, ook dit was kortstondig.
- 2 Van gelag het ek gesê: "Wat se plesier is daarin?" en van plesier: "Wat bereik jy?"
- 3 Ek het in my binneste gedink om myself oor te gee aan wyn, maar my binneste het met wysheid argumenteer. Ek het insig beetgekry totdat ek kon sien wat goed is vir die seuns van die mens, wat hulle moet doen onder die son al die dae van hulle lewe.

- 4 Ek het my diensknegte vermenigvuldig, ek het vir myself huise gebou, ek het wingerde vir myself geplant.
- 5 Ek het vir myself tuine en parke aangelê en in hulle allerhande soorte bome met vrugte geplant.
- 6 Ek het vir myself damme gemaak om die kwekery, wat bome produseer, nat te maak.
- 7 Ek het vir myself slawe en slavinne verkry en het 'n groot huishouding gehad. Ek het ook 'n groot besitting van beeste en kleinvee gehad, meer as almal wat voor my in Yerushalayim was.
- 8 Ek het vir myself silwer en goud versamel en die besittings van konings en stede; ek het vir my sangers en sangeresse gekry en die plesiere van die seuns van die mens en ek het vir myself huisknegte en kelnerinne aangestel.
- 9 Ek het groot geword en my rykdom het vermeerder, meer as almal wat voor my in Yerushalayim was; my wysheid het ook by my gebly.
- 10 Wat ook al my oë begeer, het ek nie van hulle af weggehou nie; ek het nie my verstand, wil en emosie van enige vreugde teruggehou nie, want my verstand, wil en emosie het hom verheug in al my harde werk en hierdie was my deel van al my harde werk.
- 11 Toe het ek gekyk na al die werke wat my hande tot stand gebring het en al die harde werk wat ek gedoen het en let op, dit was alles kortstondig en 'n ergernis in die gees en daar was geen voordeel onder die son nie.
- 12 Ek het rondgekyk om na wysheid, malligheid en dwaasheid op te let, want wie is die man wat die koning kan oordeel, veral teenoor Hom wat hom gemaak het?
- 13 Toe het ek gesien dat die wysheid uitstyg bo die dwaasheid soos die lig uitstyg bo die duisternis.
- 14 Die wyse het sy oë in sy kop, maar die dwaas loop rond in duisternis en ek het self gesien dat een ongeluk met hulle almal gebeur.
- 15 Toe het ek in myself gesê: "Die ongeluk van die dwaas sal my ook tref; hoekom was ek dan meer wys?" Toe sê ek vir myself: "Ook dit is kortstondig."
- 16 Die dwaas praat oppervlakkig, maar die wyse word nie vir ewig méér onthou as die dwase nie, aangesien wat nou is, in die dae wat kom vergete sal wees en net soos die wyse sterf, net so die dwaas!
- 17 Ek het daarom die lewe gehaat, want die werk wat onder die son gedoen word, is pynlik vir my, want alles is kortstondig en 'n ergernis van gees.
- 18 Ja, ek het al my harde werk gehaat wat ek onder die son gedoen het, want ek moet dit los vir die man wat ná my kom
- 19 en wie weet of hy 'n wyse sal wees of 'n dwaas? Tog sal hy heerskappy hê oor al my harde werk wat ek gedoen het en waarin ek myself wys bewys het onder die son. Ook dit is dan kortstondig;
- 20 daarom het ek my siening, oor al die harde werk waarin ek onder die son gewerk het, verander.
- 21 Daar is 'n man wat met wysheid, kennis en bekwaamheid werk; tog los hy sy deel vir 'n man wat nie daarvoor gewerk het nie. Ook dit is kortstondig en 'n groot teëspoed,

- 22 want watter voordeel sal die mens hê van al sy harde werk en van die begeertes van sy binneste waarin hy onder die son hard gewerk het?
- 23 Want al sy dae is vol smarte en sy bemoeienis is verdriet; ja, selfs snags rus sy verstand, wil en emosie nie. Dit is ook kortstondig.
- 24 Daar is niks beter vir 'n man as dat hy sou eet en drink en sy lewe, die goeie van sy harde werk, geniet nie. Dit het ek ook gesien, dat dit kom uit die hand van God,
- 25 want wie kan eet en geniet sonder Hom?
- 26 Want vir 'n mens wat goed is in Sy Teenwoordigheid, gee God wysheid, kennis en vreugde, maar vir die sondaar gee hy harde werk om bymekaar te maak en te versamel, om ook dit te gee aan hom wat goed is in die Teenwoordigheid van God. Ook dit is kortstondig en 'n ergernis van gees.
- 3** 1 Daar is 'n seisoen vir alles en 'n tyd vir elke begeerte onder die son:
- 2 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterf; 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te ruk wat geplant is;
- 3 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak; 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou;
- 4 'n tyd om te huil en 'n tyd om te lag; 'n tyd om te treur en 'n tyd om te dans;
- 5 'n tyd om klippe weg te gooi en 'n tyd om klippe bymekaar te maak; 'n tyd om te omhels en 'n tyd om weg te bly van omhelsing;
- 6 'n tyd om te verloor en 'n tyd om te soek; 'n tyd om vas te bind en 'n tyd om los te maak;
- 7 'n tyd om te skeur en 'n tyd om aanmekaar te werk; 'n tyd om stil te bly en 'n tyd om te praat;
- 8 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat; 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede.
- 9 Watter voordeel het die arbeider in sy harde werk?
- 10 Ek het die harde werk gesien wat God aan die mensekinders gegee het om daarmee besig te wees.
- 11 Hy het alles mooi gemaak in sy tyd; Hy het ook die wêreld vir die mens kosbaar gemaak sodat geen mens die werke wat God gedoen het, van begin tot einde, kan uitvind nie.
- 12 Ek weet dat daar niks goeds in wêreldse dinge is nie, maar dat die mens hom verbly en goed doen in die lewe
- 13 en ook dat elke mens sal eet en drink en al die goeie van sy harde werk sal geniet; dit is die geskenk van יְהוָה.
- 14 Ek weet dat, wat יְהוָה ook al doen, dit sal vir ewig wees; daar kan niks bygevoeg en niks weggevat word daarvan nie en יְהוָה het dit so gemaak dat die mens Hom respekvol moet vrees.
- 15 Dit wat nou is, was alreeds en dit wat nog moet wees, was alreeds en God sal hom wat vervolg is, wreek.
- 16 Ek het ook onder die son die plek van oordeel gesien: dat daar boosheid was en dat daar onregverdigheid in die plek van regverdigheid was.
- 17 Ek het in my binneste gesê: "God sal die regverdige en die bose oordeel, want daar is 'n tyd vir elke plesier en vir elke werk.

- 18 Ek oordink in my binneste die toestand van die seuns van die mens wat God geskep het en sien dat hulle soos wilde diere is,
- 19 want dieselfde ongeluk wat die seuns van die mens tref, tref ook die wilde diere, dieselfde ongeluk tref hulle: soos die een sterf, so sterf die ander; ja, hulle het almal een asem sodat die mens geen voorkeur het bo die wilde diere nie, want alles is kortstondig.
- 20 Alles gaan na een plek toe; alles is vanuit die stof en alles keer terug na stof.
- 21 Wie weet of die gees van die mens opgaan boontoe en die gees van die wilde diere afwaarts na onder die aarde gaan?
- 22 Dus het ek gesien dat daar niks beters in hulle is as dat die mens hom moet verheug in sy werke nie, want dit is sy deel, want wie sal hom daartoe bring dat hy kan sien wat ná hom sal wees?
- 4** 1 Ek het omgedraai en al die onderdrukkings gesien wat onder die son gedoen word en let op, die trane van die onderdrukte en hulle het geen trooster gehad om hulle te bevry uit die hand van hulle onderdrukker nie, met geen krag of hulp nie;
- 2 daarom het ek die dooies wat reeds gesterf het, geprys bo die lewendes wat nog lewe,
- 3 maar hy wat nog nie gebore is nie, is beter daaraan toe as albei van hulle, want hy het nie die bese werke gesien wat onder die son gedoen word nie.
- 4 Toe het ek gesien dat al die harde werk en dade suksesvol is omdat een meer ywerig is as sy buurman. Ook dit is kortstondig en 'n ergernis van gees.
- 5 Die dwaas vou sy hande saam en ly honger. ^{Spr 24:30-34}
- 6 Een handvol met rustigheid is beter as altwee hande vol met moeite en ergernis van gees.
- 7 Toe het ek omgedraai en weer kortstondigheid gesien onder die son:
- 8 wanneer daar maar een man is, sonder 'n tweede en hy het geen seun of broer nie, is daar geen einde aan al sy werk nie. Sy oë word ook nie bevredig deur rykdom nie en hy sê ook nie: "Vir wie werk ek en ontnem my lewe van die goeie nie?" Ook dit is kortstondig en 'n vreeslike ergernis van gees.
- 9 Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle harde werk,
- 10 want as hulle val, sal die een sy maat optel, maar wee die een wat alleen is wanneer hy val, want daar is niemand om hom op te tel nie.
- 11 Meer nog, as twee bymekaar slaap, sal hulle warm kry, maar hoe kan een alleen warm wees?
- 12 As een te sterk is vir hom, sal twee hom weerstaan en 'n driedubbele tou word nie gou gebreek nie.
- 13 'n Jongman wat arm en wys is, is beter as 'n koning wat oud en dwaas is en nie weet hoe om 'n vermaning te ontvang nie.
- 14 Hy het uit die gevangenis gekom om te heers, want ook in sy eie koninkryk is hy arm gebore.
- 15 Ek het al die lewendes wat onder die son loop, beskou, saam met die jongmanne wat in hulle plek sal opstaan;

16 daar is geen einde aan al die mense, selfs van almal wat voor hulle was en ook wat nog na hulle sal kom, sal hulle nie in hulle verbly nie. Ook dit is vir hulle kortstondig en tevergeefs en 'n ergernis van gees.

5 1 Laat jou optrede gepas wees wanneer jy na die huis van God gaan en om nader te kom om te luister, te hoor en te doen, is beter as die offers van dwase, want hulle weet nie om te doen wat goed is nie.

2 Wees nie haastig met jou mond nie en laat jou verstand, wil en emosie nie haastig wees om 'n woord te uiter voor God nie, want God is in die hemel en jy op die aarde; laat daarom jou woorde min wees,

3 want 'n droom kom deur baie besig te wees en 'n dwaas se stem word geken deur 'n menigte woorde.

4 Wanneer jy 'n gelofte aan God gedoen het, moenie uitstel om dit na te kom nie, want Hy het geen plesier in dwase nie, maar wat jou betref, betaal wat jy belowe het.

5 Dit is baie beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en dit nie doen nie.

6 Laat nie jou mond toe om jou vlees te laat sondig nie en sê ook nie voor God dat dit 'n fout was nie dat God nie kwaad sal wees oor jou stem en die werke van jou hande sal verwoes nie,

7 want in die menigte van drome, waardelose dinge en menigte van woorde is valse aanbidding, maar jy moet God respekvol vrees.

8 As jy die onderdrukking van die arme en gewelddadige verdraaiing van regverdige oordeel sien in 'n stad, verwonder jou nie oor die saak nie, want Hy wat hoër is as die hoogste hou dit dop en Hy wat hoër is, is oor hulle.

9 Die rykdom van die aarde is vir almal; die koning self word gedien deur sy eie land te bewerk.

10 Hy wat geld lief het, sal nie bevredig word deur geld nie en hy wat rykdom lief het, sal dit nie behou nie. Ook dit is kortstondig.

11 As die besittings vermeerder, word hulle wat dit opeet ook meer en watter voordeel is daar vir die eienaars, behalwe om dit met sy oë te aanskou?

12 Soet is die slaap van 'n werkende man, of hy min eet of baie, maar die oorfloed van die ryke laat hom nie toe om te slaap nie.

13 Daar is ook 'n ander erge boosheid wat ek onder die son gesien het: rykdom wat deur sy eenaar gehou word tot sy eie nadeel

14 en daardie rykdom gaan verlore in 'n bose transaksie en wanneer hy 'n seun verwek, is daar niks in sy hand nie.

15 Soos hy uit sy moeder se baarmoeder uitgekom het, sal hy kaal na die aarde terugkeer om te gaan soos hy gekom het en sal niks van sy harde werk in sy hand saamdra nie

16 en ook dit is 'n erge boosheid, want net soos hy gekom het, so sal hy gaan en watter voordeel het hy wat hard gewerk het vir wind?

17 Hy eet ook al sy dae in duisternis, in baie woede en toorn, in rou en in siekte.

18 Dit is wat ek, die prediker, gesien het: dit is goed en toepaslik vir een om te eet en te drink en die goeie van al sy harde werk, waarvoor hy al die dae van sy lewe, wat יְהוָה hom gee onder die son, werk, te geniet, want dit is sy deel.

19 יְהוָה het ook aan elke mens rykdom en skatte gegee en die vermoë om daarvan te eet, sy deel te vat en hom te verheug in sy harde werk; dit is die geskenk van God, 20 want hy sal nie meer die dae van sy lewe onthou nie, want God sal hom besig hou met die vreugde van sy verstand, wil en emosie.

6 1 Daar is 'n boosheid wat ek gesien het onder die son en dit is algemeen onder die mens:

2 daar is 'n man aan wie God rykdom, skatte en eer gegee het sodat hy niks kortkom vir sy lewe van alles wat hy begeer nie, tog stel God hom nie in staat om daarvan te eet nie, maar 'n vreemdeling eet dit. Dit is kortstondig en 'n bese siekte.

3 As 'n man honderd kinders verwek en baie jare lewe en die dae van sy jare baie is en sy lewe is nie gevul met goeie dinge en hy ook nie 'n begrafnis het nie, dan sê ek dat 'n miskraam beter is as hy,

4 want hy kom in met kortstondigheid en gaan in duisternis in en sy naam sal in duisternis bedek wees.

5 Meer nog, hy het nie die son gesien of enige iets geken nie, tog het hierdie een meer rus as die ander;

6 ja, al lewe hy ook twee maal duisend jaar en het tog geen goeie gesien nie; gaan almal nie na een plek toe nie?

7 Al die harde werk van 'n man is vir sy mond en tog word sy honger nie bevredig nie.

8 Watter voordeel het die wyse man oor die dwaas. Weet die arm man hoe om deur die lewe te gaan?

9 Die aanskouing met die oë is beter as die geswerf van die begeerte. Ook dit is kortstondig en 'n ergernis van die gees.

10 Dit wat vroeër was, is reeds genoem en die natuur van die mens is bekend en hy kan nie die oordeel betwis teen Hom wat sterker is as hy nie.

11 Aangesien daar baie dinge is wat kortstondigheid vermeerder, watter voordeel het die mens?

12 Want wie weet wat goed is vir die mens in die lewe gedurende die getal dae van sy waardelose lewe wat hy soos 'n skaduwee deurbring? Want wie verklaar aan die mens wat ná hom onder die son sal wees?

7 1 'n Goeie naam (karakter en outoriteit) is beter as kosbare salfolie en die dag van sy dood beter as die dag van sy geboorte.

2 Dit is beter om te gaan na 'n huis van rou as om te gaan na 'n huis van feesviering, want dit is die einde van alle mense en die lewende sal dit ter harte neem.

3 Hartseer is beter as om te lag, want deur die persoon se hartseer word die binneste beter gemaak.

4 Die verstand, wil en emosie van die wyse manne is in die huis van rou, maar die verstand, wil en emosie van die dwase is in die huis van plesier.

5 Dit is beter vir die mens om die bestraffing van 'n wyse te hoor as die lied van dwase,

6 want soos die geknetter van dorings wat onder 'n pot brand, so is die gelag van dwase; ook dit is kortstondig.

- 7 Waarlik, skinder vernietig 'n wyse man en omkoop vernietig die binneste.
- 8 Die einde van 'n saak is beter as sy begin en 'n geduldige in nederigheid is beter as 'n hoogmoedige van gees.
- 9 Word nie gou kwaad nie, want woede rus in die bors van die dwase.
- 10 Moenie sê: “Wat is die rede dat die vorige dae beter was as hierdie,” nie, want jy vra nie uit wysheid hierna nie.
- 11 Wysheid is beter as wapens, ja, dit is beter vir hulle wat die lig van die waarheid sien,
- 12 want die beskerming van wysheid is soos die beskerming van geld en die voordeel van kennis is dat wysheid lewe gee aan hulle wat dit besit.
- 13 Beskou die werk van God, want wie kan reguit maak wat Hy krom gemaak het?
- 14 Wees vreugdevol in die dag van voorspoed, maar kyk na jouself in die dag van boosheid. God het ook een ding teenoorgesteld van 'n ander gemaak sodat die mens niks sal weet nadat hy weg is nie.
- 15 Ek het alle dinge van kortstondigheid gesien in my dae; daar is 'n regverdige man wat vergaan in sy regverdigheid en daar is 'n bose man wat sy lewe verleng in sy boosheid.
- 16 Wees nie oor-regverdig en maak jouself nie oor-wys nie dat jy nie dwaas sal word nie.
- 17 Wees nie uitermate boos dat jy baie gehaat word nie; wees ook nie dwaas sodat jy voor jou tyd sterf nie.
- 18 Dit is goed dat jy hieraan vashou, ja trek nie jou hand hiervan terug nie, want hy wat God respekvol vrees, sal al hierdie dinge volg.
- 19 Die wysheid versterk die wyse meer as tien prinse wat in die stad is,
- 20 want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen en nie sondig nie.
- 21 Jy moet ook nie let op al die woorde wat die bose praat nie en ook nie na jou dienskneg as hy jou vloek nie,
- 22 want jou binneste weet dat jy self ook dikwels ander gevloek het.
- 23 Ek het al hierdie dinge met wysheid getoets; ek het gesê: “Ek sal wys wees,” maar wysheid was ver van my.
- 24 Ja, wysheid was ver weg, dit het ook diepte bo diepte, wie kan dit begryp?
- 25 Ek het rondgegaan en my verstand, wil en emosie daarop gekonsentreer om te weet, te soek en in te delf na wysheid en rede en om die boosheid van die dwaas te ken, selfs dwaasheid en oortreding.
- 26 Ek het gevind dat die vrou wie se binneste strikke en nette is en wie se hande hom wat goed is, vasbind, bitterder is as die dood; hy wat goed is in die Teenwoordigheid van God, sal van haar ontsnap, maar hy wat sondig, sal deur haar gevang word.
- 27 Let op, ek het dit uitgevind, sê die prediker, deur die een ding op te weeg teen die ander, om die redes uit te vind
- 28 en weer het my lewe gesoek, maar ek het nie gevind nie: een man uit 'n duisend het ek gevind, maar 'n vrou het ek onder al hierdie nie gevind nie.
- 29 Let op, dit het ek gevind: dat God die mens opreg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek.

- 8 1 Wie is soos die wyse man en wie ken die interpretasie van dinge? Die wysheid van 'n mens verhelder sy gesig, maar hy wat skaamteloos is, sal gehaat word.
- 2 Gehoorsaam die koning se bevel en moenie haastig wees aangaande die eed aan God nie.
- 3 Moenie haastig wees in sy teenwoordigheid nie en moenie vasstaan op 'n bose saak nie, want hy doen wat sy plesier is.
- 4 Dit wat die koning sê, is wet en wie kan vir hom vra: "Wat doen u?" ^{Rom 13:1-3}
- 5 Hy wat 'n opdrag uitvoer, sal geen boosheid ken nie en die verstand, wil en emosie van 'n wyse man onderskei beide tyd en oordeel,
- 6 want vir elke doel is daar tyd en oordeel, want die ongelukkigheid van die mens druk swaar op hom,
- 7 want daar is nie een wat weet wat was en wat hom kan vertel wat na hom sal wees nie.
- 8 Daar is geen mens met heerskappy oor die wind om die wind terug te hou nie en ook het hy nie mag oor die dag van die dood nie; daar is ook geen vrystelling van plig in die dag van die geveg nie; net so sal boosheid ook nie dié bevry wat aan dit oorgegee is nie.
- 9 Dit alles het ek gesien en my binneste gerig op elke werk wat onder die son gedoen word; daar is 'n tyd wanneer een man heers oor 'n ander om hom seer te maak.
- 10 Ek het net so die bose gesien begrawe word, wat gekom het vanaf die plek van die afgesonderdes en hulle is vergete in die stad waar hulle soveel bose dinge gedoen het. Ook dit is kortstondigheid.
- 11 Die begeerte van die seuns van die mens is vas in hulle om boosheid te doen omdat die wraak teen die boosdoeners nie gou uitgevoer word nie.
- 12 Hy wat sondig, doen boosheid 'n honderd keer en sy dag word uitgerek, nogtans weet ek verseker dat dit goed sal gaan met die aanbidders van יהוה, wat respekvol vrees in Sy Teenwoordigheid,
- 13 maar dit sal nie goed gaan met die bose nie en hy sal ook nie sy dae verleng soos 'n skaduwee nie omdat hy nie voor God vrees nie.
- 14 Daar is 'n kortstondigheid wat op die aarde gedoen word; daar is regverdige manne met wie dit gebeur volgens die werke van die bose en daar is bose manne met wie dit gaan volgens die dade van die regverdiges; ek sê dat dit ook kortstondigheid is.
- 15 Toe beveel ek vreugde aan, want daar is niks beters vir die mens onder die son as om te eet en te drink en hom te verheug nie, want dit sal hom in sy harde werk vergesel al die dae van sy lewe wat God hom gee onder die son;
- 16 daarom het ek my binneste gerig om wysheid te ken en om die dinge te sien wat op die aarde gedoen word, want daar is hulle wie se oë geen slaap sien nie, beide dag of nag.
- 17 Toe het ek al God se werke gesien en dat die mens nie kan uitvind van die werk wat onder die son gedoen word nie; al werk 'n man hard om dit uit te vind, tog sal hy dit nie vind nie. Hy wat dink dat hy wys is, selfs hy sal dit nie vind nie,

- 9 1 want die belangrikste van hierdie dinge het ek in my verstand oorweeg en in my verstand, wil en emosie het ek gesien dat die regverdiges, die wyse manne en hulle dade, in die hand van God is; geen mens ken óf liefde óf haat nie, want alles wat voor hom is, is kortstondig.
- 2 Alles gebeur dieselfde vir almal; daar is een kans vir die regverdige en vir die bose; vir die goeie en die slegte; vir die reine en die onreine; vir hom wat offer en vir hom wat nie offer nie; soos die goeie man is, so ook die sondaar en hy wat sweer, is net soos hy wat bang is vir 'n eed.
- 3 Hierdie is 'n boosheid onder alles wat gedoen word onder die son: dat daar een kans vir almal is; ja die mens se verstand, wil en emosie is vol boosheid terwyl hy leef en daarna gaan hulle na die dooies toe,
- 4 want vir hom wat aan al die lewendes verbind is, is daar versekerde verwagting, want 'n lewende hond is beter as 'n dooie leeu,
- 5 want die lewendes weet dat hulle moet sterf, maar die dooies weet glad niks nie en hulle het ook geen beloning nie, want hulle nagedagtenis is vergete.
- 6 Hulle liefde, hulle haat, asook hulle jaloesie, het lankal vergaan en hulle het ook geen deel meer vir ewig aan enige iets wat gedoen word onder die son nie.
- 7 Kom nou, eet jou brood met vreugde en drink jou wyn met vrolikheid, want God is tevrede met jou dade.
- 8 Laat jou klere altyd wit wees en olie nie ontbreek op jou kop nie. ^{Open 19:8}
- 9 Leef vreugdevol saam met die vrou wat jy lief het, al die dae van jou waardelose lewe, want sy is jou deel in die lewe en in jou harde werk wat jy doen onder die son.
- 10 Wat ook al jou hand in staat is om te doen, doen dit met al jou mag, want daar is geen werk of planne of kennis of wysheid in Sh'ol waarheen jy gaan nie.
- 11 Ek het omgedraai en gesien dat onder die son die wedloop nie is vir die vinniges en die geveg vir die sterkies nie; ook die brood is nie vir die wyses of rykdom vir die manne met insig, of lof en eer vir die geleerde manne nie, want tyd en toeval tref hulle almal,
- 12 want die mens ken nie sy tyd nie, maar soos visse wat gevang word in 'n misleidende net en soos voëls wat in die strikke gevang word, so word die seuns van die mens gevang in 'n bese tyd wanneer dit hulle skielik oorval.
- 13 Ook hierdie wysheid het ek onder die son gesien en dit was vir my goed:
- 14 daar was 'n klein stadje en min manne daarin en daar het 'n groot koning daarteen gekom, dit omsingel en versterkings daarteen gebou.
- 15 Nou, daarin is 'n arm en wyse man gevind en hy het deur sy wysheid die stad bevry; tog het niemand daardie selfde arm man onthou nie.
- 16 Toe het ek gesê: "Wysheid is beter as krag; nogtans word die arm man se wysheid verag en daar word nie na sy woorde geluister nie.
- 17 Woorde van wyse manne word in stilte aangehoor, meer as die geskreeu van 'n heerser wat 'n dwaas is.
- 18 Wysheid is beter as oorlogswapens, maar een sonde vernietig baie goeie dinge.

- 10** 1 Soos dooie vlieë wat die houer met kosbare salfolie laat stink, so weeg 'n groot dwaasheid meer as wysheid en eer.
2 Die wyse man dink reg, maar die dwaas dink verkeerd.
3 Ja, ook as die dwaas verbyloop, ontbreek hy aan wysheid en hy sê aan elkeen dat hy 'n dwaas is.
4 As die humeur van die heerser teen jou opkom, moenie jou land verlaat nie, want genesing vergewe baie sondes.
5 Daar is 'n boosheid wat ek onder die son gesien het, soos 'n fout wat vanaf 'n heerser uitgaan:
6 die dwaas word op hoë en kragtige plekke geplaas en die rykes sal in lae plekke sit.
7 Ek het slawe gesien wat op perde ry en prinse wat soos slawe op die grond loop.
8 Hy wat 'n put grawe, sal daarin val en hy wat 'n omheining afbreek, sal deur 'n slang gebyt word.
9 Hy wat landmerke verwyder, sal deur hulle gepynig word en hy wat bome sny sal deur hulle gewond word.
10 Soos die snykant van 'n wapen stomp mag wees en nie skerp gemaak is nie, maar tog baie mag neerslaan, so is wysheid meer voordelig vir hulle wat hardwerkend is.
11 Die slang sal byt sonder om betower te word en hy wat baie praat, is nie beter nie.
12 Die woorde uit die mond van 'n wyse man is aangenaam, maar die lippe van 'n dwaas sal homself vernietig.
13 Die begin van die woorde van sy mond is dwaasheid en die einde van sy praatjie is skadelike gekheid.
14 'n Dwaas vermenigvuldig woorde. 'n Mens weet nie wat gebeur nie en wat ná hom sal wees, wie kan vir hom vertel?
15 Die harde werk van die dwaas vermoei hom omdat hy nie weet hoe om te koop en te verkoop in die stad nie.
16 Wee jou, o land, as jou koning 'n kind is en as jou prinse in die oggend vroeg eet.
17 Geseënd is jy, o land, as jou koning die seun van 'n edelman is en as jou prinse op die regte tye eet, vir krag en nie vir dronkenskap nie.
18 Deur luiheid sal 'n dak afgebreek word en deur niksdoen van die hande lek die water deur.
19 Brood en wyn word gemaak vir vreugde en olie maak die lewe vrolik, maar geld bring mense ondertoe en laat hulle dwaal in alle dinge.
20 Moenie die koning vloek nie, selfs nie in jou gedagtes nie en moenie die rykes in jou slaapkamer vloek nie, want 'n voël van die lug sal jou stem dra en dit wat vlerke het, sal die saak vertel.
- 11** 1 Gooi jou brood uit op die waters, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind.
2 Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt, want jy weet nie watter ongeluk daar op die aarde kan kom nie.
3 As die wolke vol reën is, maak hulle hulself leeg op die aarde en as 'n boom na die suide of na die noorde val, op die plek waar die boom val, daar sal hy wees.

- 4 Hy wat die wind dophou, sal nie saai nie en hy wat na die wolke kyk, sal nie oes nie.
- 5 Soos wat jy nie die pad van die wind ken, of die werking van 'n vrou wat verwag nie, net so ken jy nie die werk van God, wat alles maak nie.
- 6 Saai jou saad in die oggend en hou nie jou hand terug in die aand nie, want jy weet nie watter sal voorspoedig wees, of hierdie of daardie en of altwee ewe goed sal wees nie.
- 7 Waarlik, soet is die lig en dit is 'n goeie ding vir die oë, maar meer nog vir hulle wat die son sien.
- 8 As die mens baie jare leef en hom in hulle almal verbly, laat hom steeds die jare van duisternis onthou, want hulle sal baie wees; alles wat kom, is kortstondig.
- 9 Verbly jou, o jongman, in jou jeug en dit sal met jou goed gaan en loop in die lewenswyses van jou verstand, wil en emosie en wat jy sien met jou oë, maar weet dat God jou oor al hierdie dinge tot oordeel sal bring.
- 10 Verwyder daarom woede uit jou verstand, wil en emosie en sit boosheid weg van jou vlees, want die jeug en onkunde is kortstondig.
- 12** 1 Onthou nou jou Skepper in die dae van jou jonkheid, voordat die bese dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het geen plesier daarin nie,"
- 2 voordat die lewe terugtrek, skoonheid dof word, rykdom faal en ná die voorspoed, armoede terugkeer,
- 3 op die dag wanneer die bene bewe en die arms verswak en die tande nie meer kou nie omdat hulle min geword en die oë dof geword het.
- 4 Die ore sal so dof geword het dat die klank van vrouens wat by die meul maal sag sal wees en 'n man sal opstaan by die sang van voëls en die klank van singende vroue sal dof word.
- 5 Hy sal bang wees vir dit wat hoog is en bewe op die pad en slapeloosheid sal oor hom kom; die amandelboom sal bloei en die sprinkane vermeerder, die lekker reuk sal versprei en probleme sal ophou, want die mens gaan na die huis van sy beloning en die wat rou, loop op die strate rond.
- 6 Onthou Hom voordat die silwerdraad afgesny word en die goue bak gebreek word en die krui by die fontein gebreek word of die wiel by die put gebreek word,
- 7 dan sal die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was en die gees sal na God terugkeer wat dit gegee het.
- 8 Kortstondig van kortstondigheid, sê die prediker, dit is alles kortstondig.
- 9 Meer nog: omdat die prediker wys was, het hy steeds die volk kennis geleer, ja, hy het goed aandag gegee en ondersoek en baie spreuke saamgestel.
- 10 Die prediker het gesoek om aanvaarbare woorde te vind en hy het die woorde van waarheid opreg geskryf.
- 11 Die woorde van die wyse manne is soos 'n os-prik en soos spykers wat diep ingeslaan is, wat deur ambagsmanne beplan is en deur een meesterbouer gegee is.
- 12 Verder, my seun, gee aandag; aan baie boeke skryf, is daar geen einde nie en baie studie is uitputtend vir die vlees.

- 13 Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: “Vrees God respektvol en doen Sy opdragte, wat gegee is deur een Meester aan elke mens,
14 want God sal elke daad tot oordeel bring, aangaande alles wat weggesteek en bekend is, of dit goed is of boos.”

Die vier en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die agste boek van die Geskrifte

Een van die vyf 'meghilloth,' of boekrolle, wat tydens die
feeste gelees word.

Ester

(Ester)

אֶסְתֵּר - Ster.

Die boek is rondom 400 voor Yeshua deur 'n onbekende
skrywer geskryf.

- 1 1 Nou, dit het gebeur in die dae van Agashverosh, wat oor Indië en selfs tot by Kush, oor 'n honderd sewe en twintig provinsies, geheers het;
- 2 in die dae toe koning Agashverosh op die troon van sy koninkryk, in die paleis van Shushan, gesit het,
- 3 in die derde jaar van sy regering, dat hy 'n groot fees vir al sy prinse, sy diensknegte, die sterk manne van die Perse en die Mede, die koning se edelmanne en die goewerneurs van die provinsies wat voor hom was, gehou het.
- 4 Toe het hy vir hulle die rykdom van sy wonderlike koninkryk gewys en die eer van sy grootheid vir baie dae, 'n honderd en tagtig dae lank.
- 5 Toe hierdie dae verby was, het die koning vir al die mense wat in die Shushan paleis was, klein en groot, 'n fees gehou vir sewe dae lank, in die hof van die tuin van die koning se paleis.
- 6 Daar was gordyne van wit katoen en wol en behangsels van persblou, vasgebind met koorde van fyn linne en pers stowwe aan silwerringe en marmerpilare! Die sitbanke was van goud en silwer op 'n plaveisel van marmer en die matte was van fyn linne en sy!
- 7 Hulle het aan die gaste drankies gegee in bekere van goud, elkeen verskillend van mekaar en koninklike wyn in oorvloed, volgens die vrygewigheid van die koning!
- 8 Die drinkery was volgens die wet, niemand is gedwing nie, want so het die koning bevel gegee aan al die kelners van sy huishouding, dat hulle volgens elkeen se begeerte moes doen.
- 9 Vashti, die koningin, het ook 'n groot fees vir al die vroue in die koninklike huis van koning Agashverosh gehou.
- 10 Op die sewende dag, toe die innerlike van die koning vrolik was van die wyn, het hy die lyfknegte, Mehuman, Bizta, Harvona, Bigta, Avagta, Zetar en Karkas, wat in die teenwoordigheid van koning Agashverosh gedien het, beveel
- 11 om koningin Vashti met die koninklike kroon voor die koning te bring om haar skoonheid aan die mense en die prinse te wys, want sy was mooi om na te kyk,
- 12 maar koningin Vashti het geweier om te kom op die bevel van die koning deur die lyfknegte; daarom was die koning woedend en sy woede het in hom gebrand.
- 13 Toe het die koning met die wyse manne, die kenners van die tye, gepraat, want dit was die koning se gebruik, hy het sake bespreek in die teenwoordigheid van almal wat die wet en die reg geken het
- 14 en die wat naaste aan hom was, was Karshna, Shetar, Admata, Tarshish, Meres, Marsna en Memukhan; die sewe prinse van die Perse en die Mede wat in die teenwoordigheid van die koning gesit het en wat voor hom gesien is by die poort van die koninklike paleis.
- 15 “Wat sal ons volgens wet aan koningin Vashti doen omdat sy nie die opdrag van koning Agashverosh, deur sy lyfknegte gegee, uitgevoer het nie?”
- 16 Memukhan het voor die koning en die prinse gesê: “Vashti, die koningin, het nie alleen verkeerd gedoen teenoor die koning nie, maar ook teenoor al die prinse en al die mense wat in al die provinsies van koning Agashverosh is,

- 17 want hierdie daad van die koningin sal al die vroue bereik sodat hulle mans in hul oë veragtelik sal wees en hulle sal sê: “Koning Agashverosh het bevel gegee om koningin Vashti voor hom in te bring, maar sy het nie gekom nie.”
- 18 Hierdie selfde dag nog sal al die prinsesse van die Perse en die Mede, wat van die daad van die koningin gehoor het, dit aan al die prinse van die koning vertel. So sal daar baie veragting en woede wees!
- 19 As dit die koning tevrede stel, laat daar 'n koninklike bevel van hom af uitgaan en geskryf word in die wette van die Mede en die Perse sodat dit nie verander kan word nie dat Vashti, die koningin, nie meer na koning Agashverosh mag kom nie en laat die koning haar koninklike posisie gee aan 'n ander wat beter is as sy
- 20 en die koning se bevel moet verkondig en publiseer word in sy hele koninkryk, want dit is groot sodat alle vroue, groot en klein, aan hulle mans eer sal betoon.”
- 21 Die woord het die koning en die prinse tevrede gestel en die koning het gedoen volgens die raad van Memukhan
- 22 en briewe aan al die koning se provinsies gestuur, na elke provinsie volgens sy eie skrif en aan elke volk volgens sy eie taal sodat elke man outoriteit in sy eie huis moet dra en dat dit in elke volk se taal gepubliseer moet word.
- 2 1 Na hierdie dinge, toe die woede van koning Agashverosh bedaar het, het hy Vashti, die koningin, onthou en wat sy gedoen het en wat teen haar beveel is.
- 2 Toe sê die koning se diensknegte en ministers vir hom: “Laat daar mooi maagde gesoek word vir die koning
- 3 en laat die koning amptenare aanstel in al die provinsies sodat hulle al die maagde wat mooi is, bymekaar laat kom in die huis van die vroue, onder toesig van Hegai, die lyfkneg, bewaker van vroue en laat hulle middele tot reiniging vir hulle gegee word.
- 4 Laat die maagd wat die koning tevrede stel, koningin wees in die plek van Vashti.” Dit het die koning tevrede gestel en hy het so gedoen.
- 5 Daar was 'n sekere man van Y'hudah in die paleis van Shushan met die naam van Mordekhai, die seun van Ya'ir, die seun van Shim'i, die seun van Kish, 'n Binyaminiet,
- 6 wat uit Yerushalayim weggevoer is saam met die ballinge wat in ballingskap weg is saam met Y'hoyakhin, koning van Y'hudah, wat deur N'vukadnetzar, koning van Bavel, weggevoer is 2 Kon 24:12; 25:27-30; Yir 27:20
- 7 en hy het Hadassah, dit is Ester, die dogter van sy oom, grootgemaak, want sy het nie vader of moeder gehad nie en die meisie was fraai en mooi en by die dood van haar vader en moeder het Mordekhai haar as sy eie dogter geneem.
- 8 Nadat die bevel en die wet van die koning gehoor is en baie maagde in die paleis van Shushan onder toesig van Hegai, die lyfkneg, bymekaar gebring is, is daardie Ester ook na die koning se paleis gebring, onder toesig van Hegai, die bewaker van vroue.
- 9 Die meisie het hom tevrede gestel en guns by hom gevind en hy het gou vir haar die nodige reinigingsmiddele, wat haar deel was, gegee en vir haar sewe meisies wat haar waardig was, vanuit die koning se huishouding gegee en hy het haar en haar meisies voorkeur gegee, meer as al die ander vroue.

- 10 Ester het nie haar volk of haar familie bekend gemaak nie omdat Mordekhai haar beveel het om dit nie bekend te maak nie.
 - 11 Mordekhai het elke dag voor die hof van die huis van die vroue geloop om te hoor hoe dit met Ester gaan en wat van haar sou word.
 - 12 Wanneer die beurt van elke meisie aanbreek om voor koning Agashverosh in te gaan nadat sy twaalf maande daar was volgens die wet vir die vroue, want so is die dae van hulle reiniging bereik: afwisselend ses maande met mirre-olie en ses maande lank met speserye en met ander middele vir die reiniging van vroue,
 - 13 het elke meisie dan voor die koning gekom; wat sy ook al begeer, is vir haar gegee vanuit die huis van die vroue om saam te vat na die koning se huis.
 - 14 In die aand het sy ingegaan en in die oggend teruggekom na die huis van die vroue onder toesig van Sha'ashgaz, die koning se lyfkneg, bewaker van die byvroue; sy het nie weer by die koning ingegaan, behalwe as die koning vreugde in haar gevind het en haar by die naam roep nie.
 - 15 Toe die beurt van Ester, die dogter van Avigayil, die oom van Mordekhai, wat haar as sy dogter geneem het, kom om in te gaan by die koning, het sy vir niks gevra nie, behalwe wat Hegai, die lyfkneg van die koning, bewaker van vroue, voorgestel het. Ester het guns gevind in die oë van almal wat haar gesien het.
 - 16 Ester het voor koning Agashverosh in sy koninklike paleis ingegaan in die tiende maand, dit is die maand Tevet, in die sewende jaar van sy regering.
 - 17 Die koning het Ester meer liefgekry as al die vroue en sy het guns en aanvaarding in sy oë gevind, meer as al die ander maagde sodat hy die koninklike kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak het in die plek van Vashti.
 - 18 Toe het die koning 'n groot feesmaal vir al sy prinse en sy diensknegte gegee, Ester se fees en hy het verligting vir die provinsies aangekondig en geskenke gegee, volgens die vrygewigheid van die koning!
 - 19 Toe die maagde vir die tweede keer bymekaargemaak is, het Mordekhai in die poort van die koning gesit.
 - 20 Ester het nog nie haar familie of haar volk bekend gemaak nie, soos Mordekhai haar beveel het, want Ester het die opdrag van Mordekhai nagekom soos toe sy getrou deur hom opgevoed is.
 - 21 Terwyl Mordekhai in daardie dae in die poort van die koning sit, het Bigtan en Teresh, twee van die koning se lyfknegte, van hulle wat die deur oppas, kwaad geword en gesoek om die hand aan koning Agashverosh te slaan
 - 22 en dit het aan Mordekhai bekend geword, wat dit aan Ester, die koningin vertel het en Ester het dit in die naam van Mordekhai aan die koning vertel.
 - 23 Toe die saak ondersoek en so bevind is, is hulle twee aan 'n galg opgehang en dit is in die boekrol van die kronieke voor die koning opgeskryf.
- 3** 1 Ná hierdie dinge het koning Agashverosh vir Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, bevorder en hom verhoog en sy setel hoër gestel as dié van al die prinse wat by hom was
- 2 en al die diensknegte van die koning wat in die poort van die koning was, het gebuig en respek aan Haman betoon, want so het die koning aangaande hom bevel gegee, maar Mordekhai het nie gebuig of respek betoon nie.

- 3 Toe het die diensknegte van die koning, wat in die poort van die koning was, vir Mordekhai gevra: “Waarom oortree jy die opdrag van die koning?” ^{Hand 5:29}
- 4 Dit het gebeur toe hulle elke dag met hom gepraat het en hy nie na hulle wou luister nie, hulle dit vir Haman vertel het, om te sien of Mordekhai se woorde die waarheid is, want hy het hulle vertel dat hy van Y'hudah is.
- 5 Toe Haman sien dat Mordekhai nie voor hom buig of eer betoon nie, was Haman woedend teenoor Mordekhai
- 6 en hy het dit te gering geag om die hand aan Mordekhai alleen te slaan, want hulle het aan hom die volk van Mordekhai openbaar, waarop Haman daarna gesoek het om almal van Y'hudah, wat in die hele koninkryk van Agashverosh was, die volk van Mordekhai, te vernietig.
- 7 In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Agashverosh, het hulle die lot voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand. Toe op die twaalfde maand, dit is die maand Adar,
- 8 sê Haman vir koning Agashverosh: “Daar is 'n sekere volk wat verstrooid en afgesonderd is tussen die volke in al die provinsies van koning Agashverosh en hulle wette is anders as dié van enige ander volk en hulle hou nie die wette van die koning nie; daarom moet die koning hulle nie spaar nie.
- 9 As die koning dit goedvind, laat dit neergeskryf word dat hulle vernietig mag word en ek sal tien duisend talente silwer afweeg in die hande van hulle wat beheer het oor die saak, om dit by die skatte van die koning te sit.”
- 10 Die koning vat toe die seëlring van sy hand af en gee dit vir Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, die vyand van die Y'hudahiete.
- 11 Die koning het aan Haman gesê: “Die silwer word aan jou geskenk asook die volk, om daarmee te doen soos goed is in jou oë.”
- 12 Toe is die skrywers van die koning geroep op die dertiende dag van die eerste maand en daar is geskrywe net soos Haman beveel het aan die koning se bevelvoerders en goewerneurs wat oor elke provinsie was en aan die prinse van elke volk wat in elke provinsie was, volgens sy skrif en aan elke volk volgens sy taal; in die naam van koning Agashverosh is dit geskryf en verseël met die seëlring van die koning.
- 13 Die briewe is met die hardlopers, na al die provinsies van die koning, gestuur om almal van Y'hudah te vernietig, dood te maak en uit te roei, jonk en oud, kinders en vroue, op een dag, op die dertiende dag van die twaalfde maand, dit is die maand Adar en om hulle besittings as buit te plunder.
- 14 'n Afskrif van die skrywe is in elke provinsie uitgevaardig as opdrag aan al die volke om gereed te wees op daardie dag.
- 15 Die hardlopers het uitgegaan, verhaas deur die koning se woord en die wet is in die Shushan paleis uitgevaardig en die koning en Haman het gesit en drink, maar die stad Shushan was in oproer.
- 4 1 Toe Mordekhai gehoor het van alles wat gedoen is, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed en as aangetrek en uitgegaan deur die stad en hardop 'n bitter klaaglied uitgeskreu

- 2 en tot so ver as die poort van die koning gekom, want dit was onwettig om met 'n roukleed by die poort van die koning in te gaan.
- 3 In elke provinsie, waar die bevel van die koning en sy wet ook al aangekom het, was daar groot rou onder hulle van Y'hudah met vas en gehuil en klaagliedere; baie het in sak en as gelê.
- 4 Toe Ester se diensmeisies en haar lyfkneg kom en haar vertel, was die koningin baie omgekrap en sy het klere gestuur om Mordekhai aan te trek en om sy roukleed van hom weg te vat, maar hy het dit nie aanvaar nie.
- 5 Toe het Ester vir Hatakh, een van die lyfknegte van die koning, wat hy in haar diens gestel het, geroep en hom beveel om na Mordekhai te gaan om uit te vind wat dit beteken en waarom dit gebeur.
- 6 Hatakh het uitgegaan na Mordekhai, in die strate van die stad wat voor die poort van die koning is.
- 7 Toe vertel Mordekhai hom alles wat hom oorgekom het en van die bedrag silwer wat Haman beloof het om in die skatte van die koning af te weeg om hulle van Y'hudah te vernietig.
- 8 Hy het ook vir hom 'n afskrif gegee van die geskrewe wet wat in Shushan, in die paleis, uitgevaardig is om dit aan Ester te wys en haar te versoek om in te gaan na die koning en hom te sreek en te versoek namens haar volk.
- 9 Hatakh het ingegaan en die woorde van Mordekhai aan Ester vertel.
- 10 Ester het weer met Hatakh gepraat en hom 'n opdrag gegee vir Mordekhai:
- 11 "Al die koning se diensknegte weet dat vir wie ook al, man of vrou, wat na die koning in die binneste voorhof ingaan, sonder dat hy geroep is, net een wet geld: hy moet gedood word, behalwe die een waarna die koning sy goue septer uitsteek sodat hy mag lewe, maar ek is nie geroep om by die koning in te kom, die laaste dertig dae nie."
- 12 Hy het Ester se woorde vir Mordekhai vertel.
- 13 Toe sê Mordekhai vir hom om Ester te antwoord: "Moenie by jouself dink dat jy, meer as die ander van Y'hudah, sal ontsnap omdat jy in die koning se huis is nie,
- 14 want as jy heeltemal stilbly in hierdie tyd, sal daar verligting en redding vir hulle van Y'hudah vanaf 'n ander plek kom, maar jy en jou vader se huis sal vernietig word en wie weet of jy nie geroep was om na die koninkryk te kom vir 'n tyd soos hierdie nie?"
- 15 Toe sê Ester dat hulle Mordekhai hierdie antwoord moes teruggee:
- 16 "Gaan, versamel almal van Y'hudah wat in die paleis van Shushan te kry is en vas om my ontwil; eet en drink nie, drie dae lank, nag en dag; ek en my diensmaagde sal net so vas; dan sal ek na die koning toe ingaan, wat nie volgens die wet is nie en as ek omkom, dan kom ek om."
- 17 Mordekhai het gegaan en gedoen alles wat Ester hom beveel het.
- 5** 1 Op die derde dag het Ester haar koninklike klere aangetrek en in die binneste hof van die koning se paleis gaan staan, oorkant die koning se huis; die koning het op sy koninklike troon gesit oorkant die hek van die huis.

- 2 Toe die koning vir Ester, die koningin, in die voorhof sien staan, het sy guns in sy oë gevind en die koning het die goue septer wat in sy hand was, na Ester uitgesteek; Ester het nader gekom en die bokant van die septer vasgehou.
- 3 Toe sê die koning vir haar: "Wat pla jou, koningin Ester en wat is jou versoek? Dit sal aan jou gegee word, selfs tot die helfte van die koninkryk.
- 4 Ester antwoord: "As dit goed is vir die koning, laat die koning en Haman na die feesmaal kom wat ek vir hom voorberei het."
- 5 Toe sê die koning: "Maak gou om vir Haman te vind sodat hy kan doen wat Ester gesê het!" Die koning en Haman het gegaan na die feesmaal wat Ester voorberei het.
- 6 By die feesmaal van wyn sê die koning vir Ester: "Wat is jou versoek? Dit sal jou toegestaan word en wat vra jy? Selfs tot die helfte van die koninkryk sal aan jou gegee word.
- 7 Toe antwoord Ester en sê: "My vraag en my versoek is:
- 8 as ek guns in u oë gevind het, o koning en as die koning dit goed vind om my versoek toe te staan en my begeerte uit te voer, laat die koning en Haman na die feesmaal toe kom wat ek môre vir hulle sal voorberei, dan doen ek wat die koning gesê het."
- 9 Toe het Haman op daardie dag bly en opgeruimd uitgegaan, maar toe Haman vir Mordekhai in die poort van die koning sien sit en dat hy nie opstaan of vir hom wegbeweeg nie, was hy vol woede teen Mordekhai.
- 10 Nogtans het Haman hom bedwing en toe hy by sy huis kom, laat hy al sy vriende en sy vrou Zeresh haal
- 11 en Haman het hulle vertel van die lof en eer van sy rykdom en van die menigte van sy kinders en hoe die koning hom bevorder het en hom opgelig het bo die prinse en die diensknegte van die koning.
- 12 Haman het verder gesê: "Selfs Ester, die koningin, het niemand saam met die koning na die feesmaal laat kom wat sy voorberei het nie, behalwe vir my en ook vir môre is ek, saam met die koning, deur haar genooi;
- 13 tog stel niks daarvan my tevrede, solank as wat ek vir Mordekhai, die Y'hudahiet, by die poort van die koning sien sit nie, want hy beweeg nie weg voor my nie."
- 14 Toe sê sy vrou Zeresh en al sy vriende vir hom: "Laat 'n galg gemaak word van vyftig el hoog en praat in die oggend met die koning dat Mordekhai daaraan opgehang word; gaan dan vrolik saam met die koning na die feesmaal. Dit het Haman uitermate tevrede gestel en hy het die galg laat maak.
- 6 1 In daardie nag kon die koning nie slaap nie en hy het beveel dat die boek van opgetekende kronieke gebring moes word en hulle is voor die koning gelees
- 2 en dit is opgeteken gevind dat Mordekhai vertel het van Bigtana en Teresh, twee lyfknegte van die koning, bewakers van die deure, wat gesoek het om die hand aan koning Agashverosh te slaan.
- 3 Die koning het gevra: "Watter eer en waardigheid is op Mordekhai geplaas as gevolg hiervan? Toe het die koning se diensknegte en ministers geantwoord: "Daar is niks vir hom gedoen nie."

- 4 Toe sê die koning: “Wie is in die hof?” Nou, Haman het in die buitenste hof van die koninklike paleis ingekom om met die koning te praat om Mordekhai op te hang aan die galg wat hy vir hom voorberei het.
- 5 Die koning se diensknegte antwoord hom: “Let op, Haman staan in die hof.” Die koning sê: “Laat hy inkom.”
- 6 Haman het ingekom en die koning vra vir hom: “Wat moet met die man gedoen word aan wie die koning eer wil bewys?” Haman het in sy verstand gedink: “Aan wie sou die koning wou eer bewys meer as aan my?”
- 7 Haman antwoord die koning: “Vir die man aan wie die koning eer wil bewys: die koninklike kleed moet gebring word wat die koning dra en die perd waarop die koning ry en die koninklike kroon moet op sy kop gesit word
- 9 en hulle moet die kleed en die perd afgee in die hand van een van die edelste prinse van die koning en hy moet die man aantrek aan wie die koning eer wil bewys en hom laat ry op die perd en hom rondneem in die stad en voor hom uitroep: “So sal dit gedoen word aan die man aan wie die koning eer wil bewys.”
- 10 Toe sê die koning vir Haman: “Maak gou, vat die kleed en die perd, soos jy gesê het en doen so aan Mordekhai, die Y’udahiet, wat in die poort van die koning sit; laat niks onvervuld bly van alles wat jy gepraat het nie.”
- 11 Toe het Haman die kleed en die perd gevat, vir Mordekhai aangetrek en hom op die perd deur die strate van die stad begelei en voor hom uitgeroep: “So sal gedoen word aan die man aan wie die koning eer wil bewys.”
- 12 Mordekhai het weer na die poort van die koning gegaan, maar Haman het na sy huis gegaan, treurend en met sy kop bedek.
- 13 Haman het aan sy vrou Zeresh alles vertel wat hom oorgekom het. Toe sê sy vriende en sy vrou Zeresh vir hom: “As Mordekhai uit die geslag van Y’udah is, voor wie jy alreeds begin val het, sal jy nie teen hom staande kan bly nie, maar weer voor hom verneder word.”
- 14 Terwyl hy nog met hulle gepraat het, het die koning se boodskappers gekom en gehaas om Haman na die feesmaal te bring wat Ester voorberei het.
- 7** 1 Die koning en Haman het ingegaan na die feesmaal wat Ester, die koningin, voorberei het.
- 2 Op die tweede dag van die feesmaal van wyn het die koning weer vir Ester gesê: “Wat is jou begeerte en wat is jou versoek? Dit sal aan jou toegestaan word, tot die helfte van die koninkryk.
- 3 Toe antwoord Ester, die koningin en sê: “As ek guns in u oë gevind het, o koning en as dit die koning gelukkig sal maak, laat my lewe vir my gegee word en dié van my volk, deur my smeking, op my versoek,
- 4 want ons is verkoop, ek en my volk, om neergeslaan, gedood te word met die swaard en uitgewis te word, as ons maar as slawe en slavinne verkoop is, sou ek stilgebly het, maar die vyand sal nie huiwer om skade aan die koning te doen nie.”
- 5 Toe antwoord koning Agashverosh en sê vir Ester, die koningin: “Wie is hy en waar is hy wat dit in sy denke waag om so te maak?”

- 6 Ester sê: “Die onderdrukker en vyand is hierdie bose Haman!” Toe bewe Haman voor die koning en die koningin
- 7 en die koning het in sy woede van die wynfeesmaal af opgestaan en na die tuin van die paleis gegaan en Haman het daar gebly om vir sy lewe te pleit by Ester, die koningin, want hy het gesien dat boosheid deur die koning oor hom besluit is.
- 8 Haman het op die rusbank neergeval waarop Ester gesit het en toe die koning uit die tuin van die paleis na die saal van die wynfeesmaal terugkom, het die koning gesê: “Wil hy ook die koningin voor my in die huis onteer?” Soos die woord uit die mond van die koning gekom het, het hulle Haman se gesig bedek.
- 9 Harvona, een van sy lyfknegte, het voor die koning gesê: “Let op, die galg, vyftig el hoog, wat Haman laat maak het vir Mordekhai, wat goed van die koning gepraat het, staan by die huis van Haman!” Toe sê die koning: “Hang hom daaraan op!”
- 10 Hulle het Haman opgehang aan die galg wat hy vir Mordekhai voorberei het. Toe is die koning se woede afgekoel.
- 8** 1 Op daardie dag het koning Agashverosh die huis van Haman, vyand van die Y’udahiete, aan Ester, die koningin, gegee en Mordekhai het voor die koning gekom, want Ester het vertel wat hy van haar was.
- 2 Die koning het die ring, wat hy weggevat het by Haman, gevat en vir Mordekhai gegee en Ester het Mordekhai aangestel oor die huis van Haman.
- 3 Ester het teruggekom en weer voor die koning gepraat en voor sy voete neergeval en gehuil en hom ernstig gesmeek om die kwaad van Haman, die Agagiet, te verwyder en sy plan wat hy teen die Y’udahiete beraam het, te veryd.
- 4 Toe het die koning die goue septer na Ester uitgesteek en Ester het dit aangeraak en voor die koning gaan staan
- 5 en gesê: “As dit die koning tevrede stel en dit reg is voor die koning en as ek guns in sy oë gevind het, laat dit geskryf word dat die briewe, met die plan van Haman, die Agagiet, wat hy geskryf het om hulle van Y’udah wat in al die provinsies van die koning is, uit te roei, herroep word,
- 6 want hoe sou ek die katastrofe wat my volk sal tref, kan verdra, of hoe sou ek die vernietiging van my familie kan verdra?”
- 7 Toe sê koning Agashverosh vir Ester, die koningin: “Let op, ek het vir jou die huis van Haman gegee en hom het hulle aan die galg opgehang omdat hy sy hand teen die mense van Y’udah opgelig het.
- 8 Skryf aangaande die Y’udahiete wat julle goeddink in die naam (karakter en outoriteit) van die koning en seël dit met die ring van die koning, want ’n geskrif, in die naam (karakter en outoriteit) van die koning geskryf en geseël met die ring van die koning, kan nie herroep word nie.”
- 9 Toe is die koning se skrywers in daardie tyd geroep, op die drie en twintigste van die derde maand, dit is die maand Sivan en daar is aan die bevelvoerders van die leërmag, die goewerneurs en die prinse van die provinsies vanaf Indië tot by Kush, een honderd sewe en twintig provinsies, geskrywe volgens alles wat Mordekhai geskryf het aangaande die Y’udahiete; aan elke provinsie volgens sy skrif en aan elke volk in sy eie taal en aan die Y’udahiete in hulle skrif en in hulle taal.

- 10 Die briewe is geskryf in die naam (karakter en outoriteit) van koning Agashverosh en geseël met sy ring en hulle is gestuur met hardlopers, perderuiters en dromedarisse.
- 11 In hierdie briewe gee die koning toestemming aan die Y'udahiete wat in elke stad bly om bymekaar te kom en hulle lewens te verdedig; om elkeen wat hulle mag onderdruk, saam met kinders en vroue en hulle besittings as buit te plunder, te vernietig, dood te maak en uit te roei
- 12 en dit op een dag, in al die provinsies van koning Agashverosh, op die dertiende van die twaalfde maand, dit is die maand Adar.
- 13 'n Afskrif van die skrywe is uitgereik as wet in elke provinsie en verklaar aan al die volke dat die Y'udahiete op dié dag gereed moes wees om hulle op hul vyande te wreek.
- 14 Die hardlopers, perderuiters en dromedarisse het vanuit die paleis in Shushan uitgegaan, verhaas deur die opdrag en bevel van die koning.
- 15 Toe het Mordekhai uit die koning se teenwoordigheid weggegaan in koninklike klere van persblou en fyn wit linne, met 'n goue kroon op en 'n bo-kleed van fyn wit linne en pers stof en die stad Shushan het gejubel en was bly.
- 16 Die Y'udahiete het lig, blydschap, vreugde en eer gehad
- 17 en in elke provinsie en in elke stad waar die bevel van die koning en sy wet ook al gekom het, het die Y'udahiete groot vreugde, 'n fees en 'n goeie dag gehad. Baie uit die volke van die land het verskrik geword, want vrees vir die Y'udahiete het op hulle geval.
- 9 1 In die twaalfde maand, dit is die maand Adar, op die dertiende van die maand, toe die bevel van die koning en sy wet uitgevoer sou word, op die dag dat die vyande van die Y'udahiete gehoop het om hulle te oorweldig, alhoewel die beveldskrif tot die teenoorgestelde gedraai is sodat die Y'udahiete oor hulle haters sou heers,
- 2 het die Y'udahiete saamgekom in hulle stede in al die provinsies van koning Agashverosh om hulle aan te val wat hul skade soek en niemand kon hulle weerstaan nie, want vrees vir hulle het op al die volke geval.
- 3 Al die prinse van die provinsies, die bevelvoerders van die weermag, die goewerneurs en hulle wat in diens van die koning was, het die Y'udahiete ondersteun, want vrees vir Mordekhai het hulle oorval,
- 4 want Mordekhai was groot in die paleis van die koning en sy beroemdheid het deur al die provinsies versprei omdat die man Mordekhai al groter geword het.
- 5 So het die Y'udahiete al hulle vyande met die swaard neergeslaan in slagting en vernietiging en het aan hulle gedoen wat hulle wat hul haat, aan hul sou doen.
- 6 In Shushan, in die paleis, het die Y'udahiete vyf honderd man gedood en uitgewis
- 7 en hulle het Parshandata, Dalfon, Aspata,
- 8 Porata, Adalya, Aridata,
- 9 Parmahsta, Arisai, Aridai en Vaizata,
- 10 die tien seuns van Haman, die seun van Hammedatha, die vyand van die Y'udahiete, gedood, maar hulle het nie hulle hande gesit aan die buit nie.

- 11 Op daardie dag is die getal van dié wat in die paleis Shushan gedood is, voor die koning gebring
- 12 en die koning het vir Ester, die koningin, gesê: “In die paleis Shushan het die Y’udahiete vyf honderd man gedood en uitgewis asook die tien seuns van Haman; wat het hulle gedoen in die ander provinsies? Wat is nou jou begeerte? Dit sal aan jou gegee word. Wat is verder jou versoek? Dit sal vir jou gedoen word.”
- 13 Toe sê Ester: “Laat dit môre ook aan die Y’udahiete wat in Shushan is, toegestaan word om op te tree volgens die wet wat geld vir vandag en laat die tien seuns van Haman aan die galg opgehang word.”
- 14 Die koning het bevel gegee dat dit so gedoen word; die wet is in Shushan uitgevaardig en die tien seuns van Haman is opgehang.
- 15 Die Y’udahiete wat in Shushan was, het ook op die veertiende dag van dieselfde maand bymekaargekom en drie honderd man in Shushan gedood, maar nie hulle hande op die buit gelê nie.
- 16 Die ander Y’udahiete wat in die provinsies van die koning was, het saamgekom en hulle lewe verdedig en gerus van hul vyande; hulle het onder dié wat hulle haat vyf en sewentig duisend gedood, maar nie hulle hande aan die buit gesit nie.
- 17 Hulle het begin op die dertiende dag van die maand Adar en op die veertiende daarvan het hulle gerus
- 18 en dit ’n dag van feesviering en vreugde gemaak;
- 19 daarom maak die Y’udahiete wat verstrooi is en in ver verwyderde dorpe bly, van die veertiende dag van die maand Adar ’n dag van vrolikheid en feesviering en ’n goeie dag waarop hulle vir mekaar porsies kos stuur.
- 20 Mordekhai het hierdie dinge neergeskryf en briewe gestuur aan al die Y’udahiete wat in al die provinsies van koning Agashverosh was, naby en ver,
- 21 om ooreen te kom dat hulle die veertiende dag en die vyftiende dag van die maand Adar jaarliks moet vier
- 22 as die dae waarop die Y’udahiete gerus het van hulle vyande en die maand wat vir hulle van smart tot vreugde en van rou tot ’n feesdag verander is en dat hulle dit dae van feesviering en vreugde moet maak en porsies kos vir mekaar stuur en geskenke vir die armes.
- 23 Die Y’udahiete het dit aanvaar om te doen soos hulle begin het en soos Mordekhai vir hulle geskryf het,
- 24 want Haman, die seun van Hammedatha, die Agagiet, vyand van almal van Y’udah, het beplan om hulle uit te roei en het die lot (pur) gewerp om hulle te vernietig en uit te roei.
- 25 Toe Ester voor die koning gekom het, het hy laat neerskryf: “Laat die bese plan wat teen die Y’udahiete gesmee is, terugkeer op die kop van hom wat hulle beplan het en laat hy en sy seuns aan die galg opgehang word;”
- 26 daarom noem hulle dié dae Purim, volgens die woord pur (lot). As gevolg van al die woorde van die brief en wat hulle aangaande die saak gesien het en wat oor hulle gekom het,

- 27 het die Y'udahiete dit vasgestel vir hulleself en hulle nageslag en vir almal wat by hulle sou aansluit sodat hulle nie sal faal om hierdie twee dae te hou volgens wat geskryf is en volgens die vasgestelde tyd elke jaar nie
- 28 en dat hierdie dae onthou en gehou moet word deur al die geslagte in elke provinsie en stad en dat hierdie dae van Purim nie ophou onder die Y'udahiete nie en hulle herdenking nie ophou onder hulle nageslag nie.
- 29 Toe het Ester, die koningin, dogter van Avigayil en Mordekhai, die Y'udahiet, met alle outoriteit geskryf om hierdie brief aangaande Purim te bekragtig
- 30 en hulle het briewe aan almal van Y'udah gestuur in die honderd sewe en twintig provinsies in die koninkryk van Agashverosh, met woorde van waarheid en vrede,
- 31 om hierdie dae van Purim op hulle vasgestelde tye te bevestig, soos wat Mordekhai, die Y'udahiet en Ester, die koningin, dit vasgestel het vir hulle en vir hul nageslag; om die voorskrifte aangaande hulle vas en hulle gebede te gee.
- 32 Die bevel van Ester het hierdie voorskrifte vir Purim bevestig wat in 'n boek geskryf is.

- 10** 1 Koning Agashverosh het 'n belasting op die hele land en op die eilande van die see gehef
- 2 al die dae van sy krag en sterkte en die lof en eer van die grootheid van Mordekhai, waartoe die koning hom verhoog het, let op, dit is opgeteken in die boekrol van die kronieke van die konings van die Mede en die Perse,
- 3 want Mordekhai, die Y'udahiet, tweede na koning Agashverosh, het die hoof oor hulle van Y'udah geword en het die beste vir sy volk gesoek en namens sy hele geslag gepraat.

Die vyf en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die negende boek van die Geskrifte

Dani'el

(Daniël)

דַּנְיֵאֵל - Die Magtige God is my Regter.

Die boek is gedeeltelik in Hebreeus en gedeeltelik in Aramees geskryf. Die skrywer en die presiese tyd van skrywe is nie bekend nie.

- 1 1 In die derde jaar van die regering van Y'hoyakim, koning van Y'hudah, het N'vukadnetzar, koning van Bavel, na Yerushalayim gekom en dit beleër. ^{Yeg 17:13-15}
- 2 יְהוֹנָתָן het dit, saam met Y'hoyakim, koning van Y'hudah, in sy hand gegee, saam met die voorwerpe van die huis van יהוה, wat hy weggedra het na die land van Shin'ar en gebring het na die huis van sy afgod en die voorwerpe het hy in die skathuis van sy afgod gebring.
- 3 Die koning het met Ashp'naz, hoof van die lyfknegte, gepraat en gesê hy moet sommige van die seuns van Yisra'el, uit die koninklike families, sowel as uit die edeles, bring:
- 4 seuns met geen gebrek nie, wat aantreklik was in voorkoms, vernuftig in wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, hulle wat bekwaam is om in die paleis van die koning te staan en hom te dien en vir wie hulle die opvoeding en die taal van die Kasdeërs kan leer. ^{2 Kon 20:18}
- 5 Die koning het vir hulle 'n daaglikse porsie uit die kos van die koning en van die wyn wat hy gedrink het bestem, om hulle vir drie jaar te voed sodat hulle daarna voor die koning kan dien.
- 6 Tussen hulle was vanuit die seuns van Y'hudah: Dani'el, Hananyah, Misha'el en 'Azaryah.
- 7 Die hoof van die lyfknegte het vir hulle name gegee: Dani'el het hy Belt'shatzar genoem, vir Hananyah: Shadrakh, vir Misha'el: Meishakh en vir 'Azaryah: 'Aved-N'go.
- 8 Dani'el het in sy binneste besluit om nie van die koning se kos te eet, of van sy wyn te drink, nie; daarom het hy die hoof van die lyfknegte gevra om hom nie te dwing om dit te eet nie.
- 9 God het vir Dani'el guns en omgee voor die hoof van die lyfknegte gegee.
- 10 Die hoof van die lyfknegte het vir Dani'el gesê: "Ek vrees my meester, die koning, wat opdragte gegee het aangaande julle kos en julle drank. As hy sien julle voorkoms lyk slegter as dié van die jong seuns van julle ouderdom, sal die koning my laat onthoof."
- 11 Toe sê Dani'el vir Menezar, wat die hoof van die lyfknegte oor Dani'el, Hananyah, Misha'el en 'Azaryah aangestel het:
- 12 "Toets u diensknegte vir tien dae en laat hulle vir ons groente gee om te eet en water om te drink;
- 13 laat dan ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns, wat die kos van die koning eet, ondersoek en handel met u diensknegte volgens wat u sien."
- 14 Hy het na hulle geluister in hierdie saak en hulle tien dae lank getoets
- 15 en aan die einde van die tien dae het hy gesien dat hulle voorkoms beter en voller is as al die jong seuns wat die kos van die koning geëet het.
- 16 Menezar het die deel van hulle kos en die wyn wat hulle moes drink, weggevat en vir hulle groente gegee om te eet en water om te drink.
- 17 Wat hierdie vier jong seuns betref, God het aan hulle insig, kennis in elke boek en wysheid gegee en Dani'el het begrip in visioene en drome gehad.

- 18 Toe die dae verby was wat die koning vasgestel het, het die hoof van die lyfknegte hulle voor N'vukadnetzar gebring
- 19 en die koning het met hulle gepraat en niemand onder hulle gevind soos Dani'el, Hananyah, Misha'el en 'Azaryah nie; daarom het hulle voor die koning gedien
- 20 en in enige saak van wysheid en insig wat die koning van hulle gevra het, het hy hulle tien maal beter gevind as al die towenaars en sterrekundiges wat in sy hele koninkryk was.
- 21 Dani'el het aangehou selfs tot die eerste jaar van koning Koresh.
- 2** 1 In die tweede jaar van die regering van N'vukadnetzar, het N'vukadnetzar 'n droom gehad, sy gees was omgekrap en sy slaap het gewyk.
- 2 Toe het die koning beveel om die voorspellers, die sterrekundiges, die towenaars en die Kasdeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Hulle het gekom en voor die koning gaan staan
- 3 en die koning sê vir hulle: "Ek het 'n droom gehad en my gees is ontsteld om die droom te verstaan."
- 4 Toe het die Kasdeërs in Aramees met die koning gepraat en gesê: "Mag die koning vir altyd lewe! Vertel aan u diensknegte die droom en ons sal die betekenis gee."
- 5 Die koning het geantwoord en vir die Kasdeërs gesê: "Die woord wat ek gepraat het, is waar; as julle nie aan my die droom en sy betekenis bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en julle huise geplunder word,
- 6 maar as julle vir my die droom en sy betekenis bekend maak, sal julle geskenke, rykdom en groot eer van my af ontvang; vertel my net die droom en sy betekenis."
- 7 Hulle het weer geantwoord en gesê: "Laat die koning die droom vir sy diensknegte vertel en ons sal die betekenis gee."
- 8 Die koning het geantwoord en gesê: "Verseker weet ek dat wat julle wil hê, is tyd omdat julle sien dat my woord vasstaan,
- 9 want as julle nie aan my die droom bekend maak nie, is daar maar een vonnis vir julle, want julle het leuens en valshede voorberei om voor my te praat om tyd te wen; daarom, vertel vir my die droom sodat ek kan weet dat julle vir my sy betekenis kan gee."
- 10 Die Kasdeërs het voor die koning geantwoord en gesê: "Daar is nie 'n mens op aarde wat kan openbaar wat die koning vra nie en ook het geen groot koning of heerser ooit so iets van enige voorspeller, sterrekundige of Kasdeërs gevra nie,
- 11 want dit wat die koning vra, is baie moeilik en daar is niemand anders wat dit voor die koning kon wys behalwe die gode, wie se woning nie by die mens is wat in vlees gebore is nie."
- 12 Toe was die koning uitermate woedend en hy het woedend beveel dat al die wyse manne van Bavel vernietig moet word.
- 13 Die bevel het uitgegaan dat die wyse manne doodgemaak moet word en die wagte het vir Dani'el en sy metgeselle gesoek om hulle dood te maak.
- 14 Toe het Dani'el daarvoor nagedink en raad verkry en toe vir Aryokh, die bevelvoerder van die koninklike lyfwag wat uitgegaan het om die wyse manne van Bavel dood te maak, gesê:

- 15 “Hoekom is die bevel van die koning so ernstig?” Toe het Aryokh aan Dani'el die saak bekend gemaak.
- 16 Toe het Dani'el van die koning gevra om vir hom tyd te gee en belowe om vir hom die betekenis te gee.
- 17 Dani'el het toe na sy huis toe gegaan en dit bekend gemaak aan Hananyah, Misha'el en `Azaryah, sy metgeselle,
- 18 dat hulle onverdiende guns kon vra vanaf die God van die hemel aangaande hierdie geheim sodat Dani'el en sy metgeselle nie doodgemaak sou word saam met die res van die wyse manne van Bavel nie.
- 19 Toe is die geheim aan Dani'el openbaar in 'n visioen in die nag en Dani'el het die God van die hemel geseën.
- 20 Dani'el het geantwoord en gesê: “Geseënd is die Karakter en Outoriteit (Naam) van God vir ewig en ewig, want wysheid en krag behoort aan Hom
- 21 en Hy verander seisoene en tye; Hy verwyder konings en stel konings aan; Hy gee wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;
- 22 Hy openbaar diep en geheime dinge; Hy weet wat is in die duisternis en die lig is by Hom. ^{Yog 8:12}
- 23 Aan U, o God van my vaders, gee ek dank en ek prys U, wat aan my wysheid en krag gegee het en nou aan my bekend gemaak het wat ons van U gevra het, want U het die koning se saak aan ons bekend gemaak.”
- 24 In daardie selfde uur het Dani'el na Aryokh gegaan, vir wie die koning beveel het om die wyse manne van Bavel dood te maak; hy het gegaan en só vir hom gesê: “Moenie die wyse manne van Bavel vernietig nie, maar bring my in voor die koning en ek sal die betekenis aan die koning bekend maak.”
- 25 Toe het Aryokh haastig vir Dani'el voor die koning ingebring en só vir hom gesê: “Ek het 'n man onder die ballinge van Y'hudah gevind wat vir die koning die betekenis sal gee.”
- 26 Die koning het geantwoord en vir Dani'el, wie se naam Belt'shatzar was, gesê: “Is jy in staat om vir my die droom wat ek gesien het en sy betekenis bekend te maak?”
- 27 Dani'el het in die teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: “Die geheim wat die koning vereis het om te weet, kan geen wyse manne, voorspellers, towenaars of sterrekundiges aan die koning openbaar nie,
- 28 maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar en Hy het aan koning N'vukadnetzar bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. U droom en die visioen in u kop, op u bed, was dit:
- 29 “Wat u betref, o koning, u gedagtes het in u verstand opgekom oor wat hierna sal gebeur en Hy wat geheime openbaar, het aan u bekend gemaak wat sal gebeur,
- 30 maar wat my betref, hierdie geheim is nie aan my openbaar op grond van enige wysheid wat ek het, meer as enige persoon nie, maar ter wille van die betekenis sodat dit aan die koning bekend kan wees en dat u die gedagtes van u verstand kan ken.
- 31 U, o koning, het gekyk en let op, 'n groot beeld, wat se helderheid wonderlik was, het voor u gestaan en sy voorkoms was verskriklik.

- 32 Hierdie beeld se kop was van fyn goud, sy bors en arms van silwer, sy maag en dye van koper,
- 33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.
- 34 Toe het U gesien dat 'n klip losgesny word, sonder mensehande, wat die beeld getref het aan sy voete wat van yster en klei was en dit aan stukke gestamp het.
- 35 Toe is die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud almal saam in stukke gebreek en dit het soos die kaf van die dorsvloere in die somer geword en 'n sterk wind het hulle weggevat sodat geen plek vir hulle gevind kon word nie en die klip wat die beeld getref het, het 'n groot berg geword en die hele aarde gevul.
- 36 Hierdie is die droom; nou sal ek sy betekenis voor die koning vertel:
- 37 U, o koning, is 'n koning van die konings, want die God van die hemel het aan u 'n magtige koninkryk en eer gegee
- 38 en elke land waarin mense woon, die voëls van die lug en die diere van die veld, het Hy onder u outoriteit geplaas en u heerser oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud. Yir 28:14
- 39 Ná u sal daar 'n ander koninkryk, geringer as u, opstaan en ook 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers.
- 40 Die vierde koninkryk sal sterk wees soos yster, want net soos yster alles hamer en in stukke breek, so sal dit elke koninkryk breek en oorwin.
- 41 Waar u die voete en tone gesien het as deels van pottebakkersklei en deels van yster, sal die koninkryk verdeeld wees, maar daarin sal sommige van die krag van yster wees, net soos u die yster met kleigrond gemeng gesien het.
- 42 Die tone van die voete wat u gesien het, deels van yster en deels van klei, so sal sommige dele van die koninkryk sterk wees en sommige dele swak.
- 43 Waar u yster gemeng met kleigrond gesien het, so sal hulle hulleself met 'n ander vermeng deur die huwelik, maar hulle sal nie aan mekaar vaskleef nie, net soos yster nie met klei meng nie.
- 44 In die dae van hierdie konings sal die God van die hemel 'n ewige Koninkryk opwek, wat nooit vernietig sal word nie en die Koninkryk sal nie aan ander volke oorgelaat word nie, maar dit sal al daardie koninkryke in stukke breek en 'n einde daaraan maak, maar ditself sal vir ewig staan.
- 45 Soos u gesien het dat die klip uit die berg gekap is sonder toedoen van mensehande en dat dit die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud in stukke gebreek het, het die groot God aan die koning bekend gemaak wat in die laaste dae sal gebeur. Die droom is waar en sy betekenis betroubaar.”
- 46 Toe val koning N'vukadnetzar op sy gesig en betoon eer aan Daniël en beveel dat hulle wierook en offers vir hom moet bring.
- 47 Die koning antwoord Daniël en sê: “Waarlik, julle God is die God van die gode en die Meester van konings en 'n Openbaarder van geheime, want jy was in staat om hierdie geheim te openbaar.”
- 48 Toe het die koning Daniël se rang verhoog en aan hom baie geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie van Bavel en as hoof oor al die generaals en oor die wyse manne van Bavel.

49 Toe het Dani'el van die koning versoek en vir Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go aangestel oor die bestuur van die provinsie Bavel, maar Dani'el self het in die poort van die koning gebly.

3 1 N'vukadnetzar, die koning, het 'n beeld van goud gemaak en sy hoogte was sestig el en sy breedte ses el en hy het dit opgerig in die vlakte van Dura, in die provinsie van Bavel.

2 Toe het N'vukadnetzar, die koning, gestuur om die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaar te maak om na die inwyding van die beeld te kom wat koning N'vukadnetzar opgerig het.

3 Toe het die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaargekom vir die inwyding van die beeld wat koning N'vukadnetzar opgerig het en hulle het voor die beeld gaan staan wat N'vukadnetzar opgerig het.

4 Toe het 'n aankondiger hard uitgeroep en gesê: "Julle word beveel, o volke, nasies en tale,

5 sodra julle die geluid hoor van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning N'vukadnetzar opgerig het

6 en wie nie neerval en aanbid nie, sal onmiddellik binne-in die brandende vuuroond gegooi word;"

7 daarom, op die oomblik toe al die volke die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor, het al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld aanbid wat koning N'vukadnetzar opgerig het.

8 Op daardie oomblik het sekere Kasdeërs nader gekom en hulle, wat vanaf Y'udah is, aangekla.

9 Hulle het vir koning N'vukadnetzar gesê: "O koning, leef vir ewig.

10 U, o koning, het 'n bevel gegee dat elke mens wat die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor, moet neerval en die goue beeld, wat u opgerig het, aanbid

11 en dat hy wat nie neerval en aanbid nie, binne-in die brandende vuuroond gegooi moet word.

12 Daar is sekere manne van Y'udah wat u oor die bestuur van die provinsie van Bavel aangestel het, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go; hierdie manne het u, o koning, nie in ag geneem nie; hulle dien nie u gode nie en aanbid ook nie die goue beeld wat u opgerig het nie.

13 Toe het N'vukadnetzar in sy toorn en woede, bevel gegee om Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go te bring en hulle het hul voor die koning gebring.

14 Toe het N'vukadnetzar gepraat en vir hulle gevra: "Is dit waar, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go, dat julle my gode nie dien nie en ook nie die goue beeld wat ek opgerig het, aanbid nie?

- 15 Nou, as julle gereed is, sodra julle die geluid van die horing, fluit, harp, doedelsak en van allerhande musiek met instrumente hoor en neerval en die beeld wat ek gemaak het aanbid, goed, maar as julle nie aanbid nie, sal julle onmiddellik binne-in die brandende vuuroond gegooi word en wie is jul God wat julle uit my hand sal verlos?"
- 16 Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go het geantwoord en aan koning N'vukadnetzar gesê: "Daar is geen doel om u op hierdie saak te antwoord nie,
- 17 want Hy, ons God wat ons aanbid, is in staat om ons te bevry van die brandende vuuroond en Hy sal ons uit u hand bevry, o koning." Ps 51:15 ; Yes 43:2
- 18 Selfs indien nie, dan sal die koning weet dat ons nie u gode sal dien nie en ook nie die goue beeld wat u opgerig het, sal aanbid nie."
- 19 Toe is N'vukadnetzar, die koning, gevul met woede en sy gelaatstrekke het verander teenoor Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go en hy het beveel dat die vuuroond sewe maal warmer as gewoonlik gemaak moet word.
- 20 Hy het sommige van die sterk manne wat in sy leër was, beveel om Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go vas te bind en hulle in die brandende vuuroond te gooi.
- 21 Toe het die sterk manne hulle geboei met hulle broeke, hulle onderklere, hul boklere en hulle tulbande aan en hulle in die brandende vuuroond gegooi.
- 22 Omdat die bevel van die koning dringend was en die oond uitermate warm was, het die vlamme van die vuur daardie manne wat Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go beskuldig het, doodgebrand,
- 23 maar die drie manne, Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go, het vasgebind binne-in die brandende vuuroond geval. Hulle het opgestaan en tussen die vlamme geloop, God geprys en יהוה geseën.
- 24 Toe is koning N'vukadnetzar verskrik en het haastig opgestaan in groot vrees; hy het gepraat en vir sy prinse gevra: "Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie?" Hulle antwoord en sê vir die koning: "Dit is waar, o koning!"
- 25 Die koning antwoord en sê: "Let op, ek sien manne los binne-in die vuur loop sonder dat hulle beseer is en die voorkoms van die vierde is soos dié van 'n seun van God."
- 26 Toe het N'vukadnetzar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en gesê: "Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go, diensknegte van die Allerhoogste God, kom uit en kom hier!" Toe het Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go uit die vuuroond uitgekom.
- 27 Al die mense, bevelvoerders van die weermag, goewerneys, landmeesters en die raadsmanne van die koning, wat almal bymekaar was, het hierdie manne gesien oor wie se liggame die vuur geen mag gehad het nie, of wie se hare op hulle koppe nie geskroei is nie, of wie se broeke nie gebrand is nie of die reuk van die vuur nie aan gekom het nie.
- 28 Toe het N'vukadnetzar gepraat en gesê: "Geseënd is die God van Shadrakh, Meishakh en `Aved-N'go, wat Sy boodskapper gestuur en Sy knegte bevry het wat in Hom vertrou en die koning se woord verwerp en hulle liggame oorgegee het omdat hulle geen ander god sou dien of aanbid nie, behalwe hulle eie God;

- 29 daarom maak ek hierdie bevel: elke volk, nasie of taal wat sleg praat teen die God van Shadrakh, Meishakh en 'Aved-N'go, sal in stukke gesny word en hulle huise geplunder word, want daar is geen ander god wat op dié manier kan bevry nie.”
- 30 Toe het die koning Shadrakh, Meishakh en 'Aved-N'go bevordering gegee in die provinsie van Bavel.
- 4** 1 Toe het N'vukadnetzar, die koning, aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde bly geskryf: “Mag julle vrede vermenigvuldig word!
- 2 Ek het dit goed gedink om die tekens en wonders wat die Allerhoogste God aan my gedoen het, te publiseer.
- 3 Hoe groot is Sy tekens en hoe magtig Sy wonderwerke! Sy Koninkryk is 'n ewige Koninkryk en Sy heerskappy is van geslag tot geslag!
- 4 Ek, N'vukadnetzar, was rustig in my huis en ontspanne in my paleis.
- 5 Ek het 'n droom gesien wat my bang gemaak het en die visioene van my kop het my gepla;
- 6 daarom het ek beveel om al die wyse manne van Bavel voor my te bring sodat hulle die betekenis van die droom aan my bekend kan maak.
- 7 Toe het die voorspellers, die sterrekundiges, die towenaars en die Kasdeërs voor my gekom en ek het aan hulle die droom vertel, maar hulle kon nie die betekenis daarvan aan my openbaar nie
- 8 totdat Dani'el, in wie die Gees van die Afgesonderde God is, voor my gekom het, wie se naam Belt'shatzar is, volgens die naam (karakter en outoriteit) van my god en ek het die droom voor hom vertel:
- 9 'Belt'shatzar, owerste van die towenaars, omdat ek weet dat die Gees van die Afgesonderde God in jou is en dat geen geheim vir jou weggesteek is nie, hierdie is die visioen van my droom wat ek gesien het; vertel my die betekenis daarvan.
- 10 Hierdie is die visioene wat ek in my bed gesien het; ek het gesien en let op, daar was 'n boom in die middel van die aarde en sy hoogte was groot.
- 11 Die boom het hoog gegroei en was sterk en sy hoogte het tot by die hemel gekom en hy kon gesien word tot aan die einde van die aarde.
- 12 Sy blare was mooi en sy vrugte oorvloedig en aan hom was kos vir almal; die diere van die veld het onder hom gebly en die voëls van die hemel het op sy takke gerus en alle vlees is vanaf hom gevoed.
- 13 Ek het in die visioene van my kop op my bed, gesien en let op, 'n afgesonderde boodskapperengel het van die hemel af afgekom.
- 14 Hy het hardop uitgeroep en die volgende gesê: “Kap die boom om en kap sy takke af, skud sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit weggaan en die voëls uit sy takke uit.
- 15 Nogtans, laat die stomp en sy wortels in die aarde staan, maar dit sal met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld gebind wees en laat hom deur die dou van die hemel natgemaak word en saam met die diere by die gras van die aarde bly.
- 16 Laat sy hart verander word van dié van 'n mens en 'n dierehart aan hom gegee word en laat sewe seisoene oor hom verander.

- 17 Hierdie bevel is in opdrag van die boodskapper, volgens 'n versoek van die Afgesonderde Een sodat hulle wat leef kan weet dat die Allerhoogste God in die koninkryk van die mens heers en dit aan wie ook al Hy wil, gee en die nederigste van mense daaroor aanstel.” Spr 21:1; Iyov 36:7
- 18 Hierdie droom het ek, koning N'vukadnetzar, gesien. Nou, jy, Belt'shatzar, vertel vir my die betekenis daarvan omdat al die wyse manne van my koninkryk nie vir my die betekenis bekend kon maak nie, maar jy, Dani'el is daartoe in staat, want die Gees van die Afgesonderde God is in jou.'
- 19 Toe was Dani'el, wie se naam Belt'shatzar was, vir 'n uur verward en sy gedagtes het hom gepla. Die koning het gepraat en gesê: 'Belt'shatzar, moenie dat die droom of die betekenis jou omkrap nie.' Dani'el het geantwoord en gesê: 'My meester, mag die droom wees vir hulle wat u haat en die betekenis vir u vyande.
- 20 Die boom wat u gesien het, wat gegroei het en sterk was, waarvan die hoogte tot by die hemel gekom het en wat vir die hele aarde sigbaar was
- 21 en waarvan die blare mooi en die vrugte oorstroomend was en waarin kos vir alle vlees was, waaronder die diere van die veld gebly het en waar die voëls van die hemel op sy takke gerus het,
- 22 dit is u, o koning, want u het gegroei en sterk geword, u het hoog gegroei en die hemel bereik en u heerskappy is tot aan die einde van die aarde.
- 23 Waar die koning 'n afgesonderde boodskapper uit die hemel sien afkom het wat hardop uitroep en sê: 'Kap die boom om en vernietig hom, maar laat die stomp en wortels in die aarde staan en laat dit met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld gebind word en laat hom deur die dou van die hemel natgemaak word en laat hom bly saam met die diere van die veld in die groen gras en laat sy hart verander word van dié van 'n mens en 'n dierehart aan hom gegee word totdat sewe seisoene oor hom verander het.'
- 24 Hierdie is die betekenis, o koning, die bevel van die Allerhoogste het teen my meester, die koning, gekom:
- 25 hulle sal u wegdryf van mense af en u blyplek sal saam met die diere van die veld wees en hulle sal u gras laat eet soos 'n jong bul en u sal deur die dou van die hemel natgemaak word en sewe seisoene sal oor u verander totdat u weet dat die Allerhoogste heers in die koninkryk van die mens en dit gee aan wie ook al Hy wil.
- 26 Waar Hy bevel gegee het om die stomp en wortels te spaar: u koninkryk sal vir u verseker wees nadat u geleer het dat outoriteit vanaf die hemel kom;
- 27 daarom, laat my raad vir u aanvaarbaar wees en raak ontslae van u sondes deur onpartydige opregtheid en van u oortredinge deur liefdevolle omgee aan die armes totdat u oortredinge van u verwyder is.'
- 28 Al hierdie dinge het oor koning N'vukadnetzar gekom.
- 29 Aan die einde van twaalf maande terwyl koning N'vukadnetzar op die dak van die koninklike paleis, wat in Babel is, loop,
- 30 het hy gepraat en gesê: 'Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het as die troon van my koninkryk en vir my groot heerskappy en my majesteit nie?'

- 31 Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, kom daar 'n stem uit die hemel wat sê: "O, koning N'vukadnetzar, met jou word gepraat, want jou koninkryk is van jou weggevat
- 32 en hulle sal jou wegdryf van mense af en jou blyplek sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou dwing om plante te eet soos 'n jong bul en jy sal deur die dou van die hemel natgemaak word en sewe seisoene sal oor jou verander totdat jy weet dat die Allerhoogste in die koninkryk van die mens heers en dit gee aan wie Hy ook al wil en Hy stel die nederigste van mense daaroor aan."
- 33 In dieselfde uur is die woord vervul oor koning N'vukadnetzar en hy is weggedryf van mense af en het gras geëet soos 'n jong bul en sy liggaam was nat van die dou van die hemel totdat sy hare gegroei het soos 'n arend se vere en sy naels soos voëlkloue.
- 34 Toe die dae vervul was, het ek, N'vukadnetzar, my oë na die hemel opgelig en my verstand is in my herstel en ek het die Allerhoogste, Wie se heerskappy 'n ewige heerskappy is en Wie se Koninkryk van geslag tot geslag is, geloof en Hom wat ewig lewe, geprys, geloof en geëer.
- 35 Al die inwoners van die aarde word in Sy Teenwoordigheid as niks gereken nie en Hy handel soos Hy wil met die leërmag van die hemel en hulle wat op die aarde woon en niemand kan Sy hand teëstaan of vir Hom sê: "Wat doen U?" nie.
- 36 Terselfdertyd het my verstand na my teruggekeer en my prinse en generaals het my opgesoek en ek is bevestig in my koninkryk en buitengewone grootheid is vir my bygevoeg.
- 37 Nou loof, prys en eer, ek, N'vukadnetzar en lig ek die Koning van die hemel hoog, want al Sy werke is waarheid en Sy lewenswyses regverdig en Hy is in staat om hulle wat in trotsheid lewe te verneder."
- 5** 1 Belshatzar, die koning, het 'n groot feesmaal vir 'n duisend van sy prinse gehou en in die teenwoordigheid van die duisend wyn gedrink.
- 2 Belshatzar het terwyl hy wyn gedrink het, bevel gegee dat die goue en silwer voorwerpe, wat sy vader N'vukadnetzar uit die tempel van Yerushalayim gevat het, gebring word sodat die koning en sy prinse, sy vroue en sy byvroue daaruit kon drink.
- 3 Toe het hulle die goue voorwerpe gebring wat uit die tempel van God, wat in Yerushalayim is, gevat is en die koning, sy prinse, sy vroue en sy byvroue het daaruit gedrink.
- 4 Hulle het wyn gedrink en die gode van goud, silwer, koper, yster, hout en klip groot gemaak.
- 5 Op daardie oomblik het die vingers van 'n man se hand verskyn en oorkant die kandelaar op die pleister van die muur van die koninklike paleis geskryf en die koning het die palm van die hand gesien wat geskryf het.
- 6 Toe het die voorkoms van die koning verander en sy gedagtes het hom gepla, die gewigte van sy heupe het losgeraak en sy knieë het teen mekaar geslaan.

- 7 Toe het die koning hardop uitgeroep dat die sterrekundiges, die Kasdeërs en die voorspellers in gebring moet word. Die koning het gepraat en vir die wyse manne van Bavel gesê: “Wie ook al hierdie skrif kan lees en vir my die betekenis daarvan kan wys, sal in purper geklee word en ’n goue ketting sal om sy nek wees en hy sal heers oor ’n derde van die koninkryk.”
- 8 Toe het al die wyse manne van die koning ingekom, maar hulle kon nie die skrif lees of die betekenis daarvan aan die koning bekend maak nie.
- 9 Toe was koning Belshatzar baie gespanne en sy voorkoms het verander en sy prinse was verwilderd.
- 10 Na aanleiding van die gesprekke van die koning en sy prinse, het die koningin in die eetsaal ingegaan en sy het gepraat en vir die koning gesê: “O, koning, leef vir ewig! Laat u gedagtes u nie omkrap en u voorkoms nie verander nie.
- 11 Daar is ’n man in u koninkryk in wie die Gees van die Afgesonderde God is en in die dae van u vader is lig, insig en wysheid soos die wysheid van die gode in hom gevind sodat u vader, koning N’vukadnetzar, hom as hoof van die towenaars, die sterrekundiges, die voorspellers en die Kasdeërs aangestel het
- 12 as gevolg van sy geestelike krag, kennis en insig wat hy het om drome uit te lê, spreuke uit te dink en raaisels op te los; hy is Daniël aan wie die koning die naam van Belt’shatzar gegee het. Nou, laat Daniël geroep word en hy sal die betekenis gee.”
- 13 Toe het Daniël voor die koning ingekom en die koning het gepraat en vir Daniël gevra: “Is jy Daniël, vanaf die ballinge van Y’hudah, wat die koning, my vader, uit Y’hudah gebring het?
- 14 Ek het van jou gehoor, dat die Gees van die Afgesonderde God in jou is en dat lig, insig en uitsonderlike wysheid in jou gevind word.
- 15 Die towenaars en sterrekundiges is nou net voor my gebring om hierdie skrif vir my te lees en die betekenis daarvan aan my bekend te maak, maar hulle kon nie die betekenis daarvan vir my gee nie.
- 16 Ek het van jou gehoor dat jy betekenis kan gee en probleme oplos. As jy nou hierdie skrif kan lees en die betekenis daarvan aan my bekend maak, sal jy met purper aangetrek word en ’n goue ketting sal om jou nek wees en jy sal heers oor ’n derde van die koninkryk.”
- 17 Toe het Daniël geantwoord en vir die koning gesê: “Hou u geskenke vir uself en gee die eer van u huis vir ander, maar ek sal die skrif vir die koning lees en die betekenis daarvan aan hom bekend maak.
- 18 O koning, die Allerhoogste God het aan u vader, N’vukadnetzar, ’n koninkryk, majesteit, eer en lof gegee
- 19 en as gevolg van die grootheid wat Hy aan hom gegee het, het al die volke, nasies en tale gebewe en hom gevrees; wie hy wou, het hy gedood en wie hy wou, het hy laat lewe en wie hy wou, het hy verhoog en wie hy wou, het hy verneder,
- 20 maar toe sy binneste opgelig was en sy trots vermeerder het, is hy van sy koninklike troon afgestoot en die lof en eer het van hom weggegaan.

- 21 Hy is weggedryf van mense af en sy hart het soos dié van die diere geword en hy het saam met die wilde donkies gebly; hulle het hom gras laat eet soos 'n jong bul en sy liggaam was nat met die dou van die hemel totdat sy hare gegroei het soos 'n arend se vere en sy naels soos voëlkoue totdat hy verstaan het dat die Allerhoogste God in die koninkryk van die mens heers en Hy dit gee aan wie Hy wil en hom daarvoor aanstel,
- 22 maar u, sy seun, o Belshatzar, het uself nie verneder nie, alhoewel u al hierdie dinge weet, ^{Yir 51:9}
- 23 maar u het uself opgelig teen die Meester van die hemel en die voorwerpe van Sy huis het hulle voor u gebring en u en u prinse, u vroue en u byvroue het wyn daaruit gedrink en u het die gode van silwer, goud, koper, yster, hout en klip geprys, wat nie sien of hoor of weet nie en die God in Wie se hand u asem en u lewenshandel is, Hom het u nie opgelig of vereer nie. ^{1 Kron 16:27-29; Rom 1:21}
- 24 Toe is die palm van die hand uit Sy Teenwoordigheid uitgestuur en hierdie skrif is geskrywe.
- 25 Dit is die skrif wat geskrywe is: M'ne, m'ne. T'kel ufarsín (Ar. stam = P'res).
- 26 Hierdie is die betekenis van die woorde:
M'ne - God het u koningskap afgetel en dit tot 'n einde gebring.
- 27 T'kel - u is geweeg op die weegskaal en te lig bevind. ^{Ps 62:10}
- 28 P'res - u koninkryk is verdeel en aan die Mede en Perse gegee. ^{Yir 51:11}
- 29 Toe het Belshatzar bevel gegee en hulle het Dani'el met purper aangetrek, met 'n goue ketting om sy nek en 'n proklamasie aangaande hom gemaak dat hy oor 'n derde van die koninkryk sou heers.
- 30 In daardie nag is Belshatzar, die koning van die Kasdeërs, doodgemaak
- 31 en Daryavesh, die Meder, het die koninkryk oorgevat. Hy was ongeveer twee en sestig jaar oud.
- 6** 1 Dit het Daryavesh behaag om 'n honderd en twintig 'beskermers van die ryk' aan te stel wat oor die hele koninkryk sou wees
- 2 en oor hulle, drie ministers, waarvan Dani'el een was, aan wie hierdie 'beskermers van die ryk' rekenskap moes gee sodat die koning nie gepla sou word nie.
- 3 Toe het Dani'el bo die ministers en 'beskermers van die ryk' uitgemunt omdat 'n ander Gees in hom was en die koning het daaraan gedink om hom oor die hele koninkryk aan te stel.
- 4 Toe het die ministers en die 'beskermers van die ryk' 'n rede gesoek om 'n klag teen Dani'el te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen grond vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie omdat hy getrou was aan sy God en ook kon hulle geen skuld of aanklag teen hom vind nie.
- 5 Toe het die manne gesê: "Ons sal teen hierdie Dani'el geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind op grond van die wet van sy God.
- 6 Toe het hierdie ministers en 'beskermers van die ryk' voor die koning gekom en vir hom gesê: "Koning Daryavesh, leef vir ewig!

- 7 Al die ministers van die koninkryk, die prinse, die 'beskermers van die ryk' en die raadsmanne het beraadslaag dat die koning 'n koninklike verordening en 'n vaste verbod moet uitvaardig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeu kuil gegooi sal word.
- 8 Stel nou hierdie verbod vas, o koning en laat dit op skrif gestel word dat dit nie verander kan word nie, volgens die wet van die Mede en die Perse, wat nie verander kan word nie."
- 9 Toe het koning Daryavesh die skrywe onderteken en die bevel uitgevaardig.
- 10 Toe Daniël verneem dat die bevel geskryf is, het hy in sy huis ingegaan en die vensters in sy kamer was oop in die rigting van Yerushalayim. Hy het drie maal op 'n dag op sy knieë gegaan en gebed en dank uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.
- 11 Toe het hierdie manne hom afgeloer en Daniël gevind terwyl hy bid en voor sy God smeek.
- 12 Hulle het nader gekom en voor die koning gesê: "Het u nie beveel en geskryf dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeu kuil gegooi moes word nie?" Die koning het geantwoord en gesê: "Die bevel staan vas volgens die wet van die Mede en die Perse, wat nie verander kan word nie.
- 13 Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: "Daniël, een van die ballinge uit Y'hudah, het u nie in ag geneem, of die bevel wat u gegee het nie, o koning, maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebede."
- 14 Toe die koning hierdie woorde hoor, was hy baie hartseer en hy het besluit om Daniël te verlos; tot sondergang toe het hy probeer om hom te bevry.
- 15 Daardie manne het egter aangehou by die koning en vir hom gesê: "Weet, o koning, dat daar 'n wet van Mede en Perse is dat elke bevel of verordening wat die koning vasgestel het, nie verander mag word nie."
- 16 Toe het die koning bevel gegee en hulle het Daniël gebring en in die kuil met leeus gegooi. Die koning het gepraat en vir Daniël gesê: "Jou God, wat jy gedurigdeur dien, sal jou bevry!"
- 17 Hulle het 'n groot klip gebring en dit op die opening van die kuil gelê en die koning het dit met sy eie seëling en met die seëling van sy prinse verseël sodat Daniël se vonnis nie verander kon word nie.
- 18 Toe het die koning na sy paleis gegaan en die nag in vas deurgebring; geen kos is na hom gebring nie en sy slaap het hom verlaat.
- 19 Die koning het die oggend vroeg opgestaan en haastig na die leeu kuil gegaan
- 20 en toe hy by die kuil kom, het hy met 'n harde stem na Daniël geroep. Die koning het gepraat en vir Daniël gesê: "Daniël, kneg van die lewende God, was jou God wat jy voortdurend dien, in staat om jou van die leeus te bevry?"
- 21 Toe het Daniël met die koning gepraat en gesê: "O, koning, leef vir ewig!
- 22 My God het Sy boodskapper gestuur en die bekke van die leeus toegemaak en hulle het my geen leed aangedoen nie, want ek was onskuldig voor Hom en ook teenoor u, o koning, het ek geen oortreding begaan nie."

- 23 Die koning was oorweldigend bly oor hom en het beveel dat Dani'el uit die kuil opgetrek word. So is Dani'el uit die kuil opgetrek en daar is geen letsel aan hom gevind nie omdat hy op sy God vertrou het.
- 24 Die koning het bevel gegee en hulle het daardie manne wat Dani'el aangekla het, hulle kinders en hulle vroue in die leekuיל gegooi en hulle het nog nie die bodem van die kuil bereik nie of die leeus het hulle bespring en al hulle bene in stukkies gebreek.
- 25 Toe het koning Daryavesh aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde bly, geskryf: "Mag vrede vir julle vermenigvuldig word!"
- 26 Deur my word bevel gegee dat manne in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en respekvol vrees voor die God van Dani'el, want Hy is die lewende God en is vir ewig en Sy Koninkryk sal nie vernietig word nie en Sy heerskappy sal wees, selfs tot die einde toe. ^{Yeg 43:7; Open 22:5}
- 27 Hy verlos, bevry en red ^{Eks 6:6,7} en doen tekens en wonderwerke in die hemel en op aarde, want Hy het Dani'el uit die mag van die leeus bevry."
- 28 Dani'el was voorspoedig onder die regering van Daryavesh en onder die regering van Koresh, die Persiër.
- 7** 1 In die eerste jaar van Belshatzar, koning van Babel, het Dani'el 'n droom gesien en visioene in sy kop terwyl hy op sy bed lê. Toe het hy die droom opgeskryf en die volheid daarvan vertel.
- 2 Dani'el het gepraat en gesê: "Ek het in die nag in my visioen gesien en let op, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring
- 3 en vier groot diere het uit die see uit opgekom, elkeen verskillend van die ander.
- 4 Die eerste was soos 'n leeu en hy het arendsvlerke gehad; ek het gekyk totdat sy vlerke afgeruk is en hy het van die grond af opgestaan en soos 'n mens op sy voete gestaan en 'n mens se verstand, wil en emosie is daaraan gegee.
- 5 Let op, die tweede dier was soos 'n beer en dit het opgestaan aan een kant en dit het drie ribbes in sy bek tussen sy tande gehad en hulle het só vir hom gesê: "Staan op, verteer baie vlees."
- 6 Na hierdie dinge het ek gekyk en let op, nog 'n dier, soos 'n luiperd, wat vier vlerke van 'n voël aan sy sye gehad het; die dier het ook vier koppe gehad en heerskappy is aan hom gegee.
- 7 Na hierdie dinge het ek in die visioen in die nag gesien en let op, 'n vierde dier: verskriklik, magtig, uitermate sterk en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en in stukke geskeur en wat oorgebly het, met sy pote vertrap en dit was anders as al die diere wat voor hom was en dit het tien horings gehad. ^{Open 12:3}
- 8 Ek het die horings besigtig en let op, daar kom 'n ander horinkie tussen hulle op en drie van die vorige horings is daardeur ontwortel en let op, in hierdie horing was oë soos van 'n mens en 'n mond wat groot dinge praat. ^{Open 13:1-2}
- 9 Toe het ek gekyk en let op, trone is reggesit en die Hoogwaardige van dae (Ewigdurende) het gaan sit; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy kop soos skoon wol; Sy troon was soos 'n brandende vlam, die wiede daarvan soos 'n brandende vuur. ^{Open 1:14; 5:13; 20:4}

- 10 'n Stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend keer duisende het Hom bedien en tien duisend keer tien duisende het voor Hom gestaan; die regter het gaan sit en die boeke is geopen.
- 11 Ek het gekyk en let op, die dier is gedood en sy liggaam vernietig en aan die brandende vlam oorgegee. ^{Open 19:20}
- 12 Wat die ander diere betref, hulle heerskappy is weggevat, tog is hulle lewe verleng vir 'n seisoen en 'n tyd.
- 13 Ek het in die nagtelike visioen gesien en let op, Een soos die Seun van 'n mens het met die wolke van die hemel gekom ^{Mar 14:62; Luk 21:27; Hand 1:11} en Hy het na die Hoogwaardige van dae (Ewigdurende) gekom en hulle het Hom na Hom toe gebring. ^{Mat 26:64}
- 14 Daar is aan Hom heerskappy en lof en eer en 'n Koninkryk gegee sodat al die volke, nasies en tale Hom sal dien; Sy Heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal verbygaan nie en Sy Koninkryk is een wat nie vernietig sal word nie. ^{Mat 24:30; Mar 13:26}
- 15 Wat my, Dani'el, betref, my gees was verontrus in my bed en die visioene van my kop het my gepla.
- 16 Ek het nader gekom na een van die wat daar bedien het en van hom die waarheid gevra aangaande hierdie dinge en hy het aan my die waarheid bekend gemaak en die betekenis daarvan laat verstaan:
- 17 Toe het hy vir my gesê: "Hierdie vier groot diere wat jy sien, is vier konings wat uit die aarde sal opstaan,
- 18 maar die afgesonderdes van die Allerhoogste sal die Koninkryk ontvang en dit besit vir ewig en ewig."
- 19 Toe wou ek die waarheid weet aangaande die vierde dier wat anders was as al die ander, buitengewoon verskriklik, met tande van yster en naels van koper, wat verslind, in stukke breek en wat oorbly, met sy pote vertrap ^{Open 17:8}
- 20 en aangaande die tien horings wat op sy kop is en die ander horing wat tussen hulle opgekom het en waarvoor drie geval het; die horing wat oë en 'n mond gehad het, wat baie groot dinge gepraat het, wat se gestalte groter was as die ander. ^{Open 13:1-2}
- 21 Ek het gekyk en gesien dat hierdie selfde horing oorlog maak teen die afgesonderdes en hulle oorwin,
- 22 totdat die Hoogwaardige van dae (Ewigdurende) gekom het en regverdige oordeel verskaf het aan die afgesonderdes van die Allerhoogste en die tyd het gekom dat die afgesonderdes die Koninkryk sou besit.
- 23 Hy het vir my gesê: "Die vierde dier sal die vierde koninkryk op die aarde wees, wat groter sal wees as al die koninkryke op die aarde en die hele aarde sal verslind, dit sal vertrap en dit in stukkies breek.
- 24 Die tien horings vanuit hierdie koninkryk is tien konings wat sal opstaan en 'n ander koning sal ná hulle opstaan en hy sal groter wees as die eerstes en drie konings verslaan. ^{Open 12:3}
- 25 Hy sal woorde praat teen die Allerhoogste ^{Dan 11:36; Open 13:5} en planne maak teen die afgesonderdes van die Allerhoogste en beplan om vasgestelde tye en wette te verander en hulle sal in sy hand oorgegee word vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd,

- 26 maar wanneer die Regter sit in oordeel, sal hulle sy heerskappy wegvat om dit te verteer en te vernietig tot die einde van sy koninkryk toe.
- 27 Die heerskappye en die grootheid van die koninkryk onder die ganse hemel sal gegee word aan die afgesonderde volk van die Allerhoogste, wie se Koninkryk 'n ewige koninkryk is en al die heerskappye sal Hom dien en gehoorsaam.”
- 28 Hier is die einde van die saak. Wat my, Dani'el, betref, my gedagtes het my baie gepla en my voorkoms het aan my verander, maar ek het die saak in my binneste bewaar.

- 8 1 In die derde jaar van die regering van koning Belshatzar, het 'n visioen aan my, Dani'el, verskyn ná dié een wat vroeër aan my verskyn het.
- 2 Ek het in my visioen gesien en dit het gebeur. Ek was in die paleis, in Shushan, in die provinsie 'Eilam en ek het in my droom gesien dat ek by die Ulaistroom staan.
- 3 Toe het ek my oë opgelig en gesien en let op, daar staan 'n ram voor die stroom met twee horings en die twee horings was hoog, maar die een was hoër as die ander en die hoogste het laaste uitgekom.
- 4 Ek het die ram gesien stoot na die weste, na die noorde en na die suide en geen dier kon voor hom staan nie en daar was niemand wat uit sy hand kon bevry nie, maar hy het gedoen volgens sy wil en het groot geword.
- 5 Terwyl ek dit beskou het, let op, 'n bokram kom uit die weste aan oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder om die grond te beskadig en die bokram het 'n prominente horing tussen sy oë gehad.
- 6 Hy het na die ram toe gekom wat twee horings het, wat ek voor die rivier sien staan het en teen hom vas gehardloop met die woede van sy krag.
- 7 Toe hy die ram bereik het, was hy woedend vir hom en het die ram gestamp en sy twee horings gebreek en daar was geen krag in die ram om voor hom staande te bly nie, maar hy het hom teen die grond gegooi en hom vertrap en daar was niemand wat die ram uit die mag van die bokram kon red nie;
- 8 daarom het die bokram uitermate groot geword en toe hy sterk was, het sy groot horing afgebreek en vier prominente horings het in sy plek uitgekom, in die rigting van die vier windstreke van die hemel.
- 9 Uit een van hulle het 'n klein horinkie na die suide en na die ooste toe uitgekom, wat uitermate groot geword het.
- 10 Dit het groot gegroei, selfs tot by die leërmag van die hemel en dit het sommige van die leërmag en van die sterre, op die aarde neergegooi en hulle vertrap.
- 11 Dit het ditself verhoog, selfs tot by die Prins van die leërmag en van Hom die aanhoudende offers weggevat en die plek van Sy Afgesonderde Plek afgebreek.
- 12 'n Leërmag is aan die horing gegee teen die voortdurende offer deur oortredings en die afgesonderde voorwerp is teen die grond neergegooi en die horing het aangegaan en was voorspoedig.
- 13 Toe hoor ek 'n afgesonderde praat en 'n ander afgesonderde het aan die een wat praat, gesê: “Hoe lank sal die visioen aangaande die voortdurende offer duur en hoe gou sal die oortreding en korrupsie verby wees en die Afgesonderde Plek en leërmag onder voete vertrap word?”

- 14 Hy het vir my gesê: “Twee duisend drie honderd dae, dan sal onpartydige opregtheid oorwin.”
- 15 Dit het gebeur toe ek, Dani'el, die visioen gesien en dit probeer verstaan het, let op, toe staan daar voor my asof die voorkoms van 'n man
- 16 en ek hoor 'n mansstem tussen die banke van die Ulai, wat uitroep en sê: “Gavri'el, laat hierdie man die visioen verstaan!”
- 17 Hy het gekom na waar ek staan en toe hy gekom het, was ek bang en het ek op my gesig geval, maar hy het vir my gesê: “Verstaan, o seun van die mens, want teen die tyd van die einde, sal die visioen wees.”
- 18 Terwyl hy met my praat, was ek in 'n diep slaap met my gesig op die grond, maar hy het my aangeraak en my laat regop staan
- 19 en vir my gesê: “Let op, ek sal jou wys wat aan die einde van die woede sal gebeur, want met die afhandeling van die bepaalde tyd, sal die einde wees.
- 20 Die ram wat jy gesien het met die twee horings, verteenwoordig die konings van die Mede en die Perse.
- 21 Die bokram is die koning van Griekeland en die groot horing wat tussen sy oë was, is die eerste koning.
- 22 Die horing wat gebreek is en vier ander het onder dit opgestaan: vier konings sal uit sy volk uit ontstaan, maar nie in hul eie krag nie
- 23 en aan die einde van hulle koninkryk, wanneer die oortredings tot 'n einde kom, sal 'n koning met 'n harde voorkoms, wat raaisels verstaan, opstaan
- 24 en sy krag sal sterk wees, maar nie deur sy eie krag nie en hy sal verskriklike vernietiging veroorsaak en voorspoedig wees en oorgaan en die magtige en afgesonderde volk vernietig
- 25 en deur sy slinksheid en bedrog sal sy heerskappy voorspoedig wees en hy sal homself groot maak in sy verstand, wil en emosie en hy sal skielik baie mense vernietig en hy sal ook opstaan teen die Prins van prinse, maar hy sal maklik oorwin word.
- 26 Die visioen van die aande en die oggende wat vertel is, is waar en wat jou betref, Dani'el, hou hierdie visioen geheim, want dit sal vir baie dae nie wees nie.”
- 27 Ek, Dani'el, het gebewe en was vir 'n paar dae omgekras; toe het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen en ek was verstom oor die visioen, maar niemand het dit verstaan nie.

- 9** 1 In die eerste jaar van Daryavesh, die seun van Agashverosh, uit die geslag van die Mede, wat koning geword het oor die koninkryk van die Kasdeërs;
- 2 in die eerste jaar van sy regering het ek, Dani'el, deur die geskrifte die getal jare verstaan, aangesien die woord van יְהוָה waar geword het wat deur die profeet Yirmeyahu gebring is, dat sewentig jaar verby sal gaan voor die verlatenheid van Yerushalayim tot 'n einde sal kom. ^{Yir 29:10}
- 3 Ek het my gesig voor יְהוָה-God opgelig om met gebed en versoeke, roukleed en as, te soek;
- 4 ek het gebed tot יְהוָה, my God en belydenis gedoen en gesê: “Ek smee U, o יְהוָה, groot en gerespekteerde God, wat die verbond en onverdiende guns behou vir hulle wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam,

- 5 ons het gesondig, oortredings begaan, boos gehandel, gerebelleer en van U opdragte en regverdige oordele afgedwaal.
- 6 Ons het ook nie geluister na U diensknegte, die profete, wat in U Naam (Karakter en Outoriteit) tot ons konings, ons prinse, ons vaders en tot die hele volk van die land gepraat het nie.
- 7 Aan U, יהוה, kom die onpartydige opregtheid toe, maar aan ons kom op hierdie dag beskaming toe; aan die manne van Y'hudah, die inwoners van Yerushalayim en aan die hele Yisra'el, die wat naby en die wat ver is, in al die lande waarheen U hulle verdryf het, weens hulle oortredinge wat hulle teen U begaan het.
- 8 יהוה, aan ons kom toe beskaming van gesig, aan ons konings, ons prinse en ons vaders omdat ons teen U gesondig het.
- 9 Aan יהוה-God behoort onverdiende guns en vergifnis van sondes, want ons het teen Hom gerebelleer
- 10 en ook nie na die stem van יהוה, ons God, geluister om te lewe volgens Sy wette wat Hy voor ons gesit het deur Sy diensknegte, die profete, nie.
- 11 Ja, die hele Yisra'el het U wet oortree en afgewyk en nie U stem gehoorsaam nie; daarom het U die vloek en die eed op hulle gebring wat geskryf is in die wet van Moshéh, die dienskneg van God, want ons het in Sy Teenwoordigheid gesondig.
- 12 Hy het Sy woorde, wat Hy teen ons en ons regters, wat oor ons regeer, gespreek het, bevestig deur 'n groot boosheid oor ons te bring, want onder die ganse hemel is nie gedoen, soos oor Yerushalayim gedoen is nie.
- 13 Soos dit in die wet van Moshéh geskryf is, het al hierdie onheil oor ons gekom en tog het ons nie voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, gebed dat ons kan erken en omdraai van ons oortredinge en U waarheid kan verstaan, nie;
- 14 daarom het יהוה hierdie boosheid opgestook en dit oor ons gebring, want יהוה, ons God, is regverdig in al Sy dade wat Hy gedoen het, tog het ons nie na Sy stem geluister en gedoen nie.
- 15 Nou, יהוה, ons God, wat U volk uit die land van Mitzrayim gebring het met 'n sterk hand en vir U 'n Karakter en Outoriteit gemaak het, soos dit vandag is; ons het gesondig, ons het boos gehandel.
- 16 O יהוה, volgens die onpartydige opregtheid wat U vir ons gedoen het, laat U woede en toorn weggedraai word van U stad, Yerushalayim en van U afgesonderde berg, want as gevolg van ons sondes en die onregverdighede van ons vaders is U volk in elke land verstrooi en Yerushalayim het 'n bespotting geword vir alle volke;
- 17 daarom nou, יהוה, hoor die gebed en smeking van U dienskneg en laat ter wille van U Karakter en Outoriteit, U gesig skyn oor U Afgesonderde Plek wat verlate is.
- 18 O, my God, draai U oor en hoor, maak U oë oop en sien ons verwoeste en verlate plekke en die stad wat volgens U Naam (Karakter en Outoriteit) uitgeroep is, want ons bring nie ons smeking voor U op grond van ons onpartydige opregtheid nie, maar op grond van U groot omgee.
- 19 O, יהוה, hoor! O, יהוה, vergewe ons! O, יהוה, luister en doen dit, stel nie uit nie, om U eie Naam (Karakter en Outoriteit) ontwil, o my God, want U Naam (Karakter en Outoriteit) is uitgeroep oor U stad en oor U volk."

- 20 Terwyl ek nog besig was om te bid en my oortredings en die oortredings van my volk Yisra'el te bely en my smeking voor die Teenwoordigheid van יהוה, my God, aan te bied vir die afgesonderde berg van my God,
- 21 ja, terwyl ek nog praat in gebed, het die man Gavri'el, wat ek vroeër in die visioen gesien het, vinnig afgevlieg vanaf die hemel en na my toe gekom teen die tyd van die aandoffer.
- 22 Hy het gekom en met my gepraat en gesê: “Dani'el, ek het nou gekom om jou te leer sodat jy kan verstaan.
- 23 Aan die begin van jou gebed het 'n woord uitgegaan en ek het gekom om dit aan jou bekend te maak, want jy is 'n baie geliefde man; daarom, onderskei die saak en verstaan die visioen.
- 24 Sewentig keer sewe weke is oor jou volk en jou afgesonderde stad bereken, om die oortredings te eindig en 'n einde te maak aan sonde en die onregverdigheid te vergewe en om ewige onpartydige opregtheid in te bring en om die visie van die profete tot volheid te bring ^{Mat 11:13} en om die Mees Afgesonderde Plek aan Die Gesalfde Een te gee. ^{Yeg 43:7; Heb 3:6}
- 25 Weet daarom en verstaan dat vanaf die uitgang van die woord om Yerushalayim te herstel en op te bou tot by die koms van Die Gesalfde Een, die Koning, is sewentig keer sewe en twee en sestig keer sewe weke; die strate en die mure sal weer gebou word op die vasgestelde tye.
- 26 Ná die twee en sestig tydperke van sewe weke sal Die Gesalfde Een doodgemaak word en die stad sal sonder 'n heerser wees en die afgesonderde stad sal saam met die komende koning vernietig word en die einde daarvan sal 'n reuse verbanning wees en aan die einde van die oorlog, word verlatenheid vasgestel.
- 27 Hy sal die verbond met baie vir 'n tydperk van sewe en 'n halwe tydperk van sewe, bevestig; dan sal Hy die offers en geskenkoffers laat ophou en op die horings van die altaar, die verwerplike afgodery; die verwerplikheid sal aanhou tot met die vasgestelde tyd, die stad sal verlate bly. ^{Mat 24:15; Mar 13:14}

10 1 In die derde jaar van Koresh, koning van Perse, is iets aan Dani'el, wat Belt'shatzar genoem is, geopenbaar en die woord is waar, maar die woord en die visioen was moeilik te onderskei en te verstaan.

- 2 In daardie dae het ek, Dani'el, vir drie tydperke van sewe (weke) getreur.
- 3 Ek het geen fyn kos geëet nie en geen vleis en wyn het in my mond gekom nie; ek het myself ook glad nie gesalf nie totdat drie weke verby was.
- 4 Op die vier en twintigste dag van die eerste maand terwyl ek op die wal van die groot rivier, Giddekel (Tigris) was,
- 5 het ek my oë opgelig en gekyk en let op: 'n sekere man in linne aangetrek, wie se heupe vasgebind is met lof, eer en majesteit.
- 6 Sy voorkoms was vreemd en daar is niks soos hy nie en sy gesig was soos die verskyning van weerlig en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos die kleur van blink gevryfde koper en die klank van sy woorde soos die klank van baie weermagte.

- 7 Ek, Dani'el, het alleen hierdie gesig gesien, want die manne wat saam met my was, het nie die visioen gesien nie, maar 'n groot vrees het oor hulle geval en hulle het gevlug as gevolg van die vrees;
- 8 daarom is ek alleen gelaat en het hierdie groot visioen gesien en daar het geen krag in my oorgebly nie en my binneste het gebewe en daar was geen krag in my nie
- 9 en toe ek die klank van sy woorde gehoor het, het ek op my gesig op die grond geval.
- 10 Let op, 'n hand het my aangeraak en my op my knieë en handpalms laat staan
- 11 en hy het vir my gesê: "Dani'el, geliefde man, verstaan die woorde wat ek met jou praat en staan regop, want ek is nou na jou gestuur." Toe hy hierdie woorde met my gepraat het, het ek al bewende opgestaan.
- 12 Toe sê hy vir my: "Moenie bang wees nie, Dani'el, want van die eerste dag af dat jy jou verstand, wil en emosie daarop gesit het om te verstaan sodat jy in die Teenwoordigheid van jou God kan staan, is jou woorde gehoor en ek het gekom in antwoord op jou woorde.
- 13 Die heerser van die koninkryk van Perse het my een en twintig dae lank teëgestaan, maar let op, Mikha'el, een van die leier prinse, het gekom om my te help en ek het daar aangebly teen die heerser van Perse.
- 14 Nou het ek gekom om jou in te lig oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want steeds is die visioen vir die einde van die vasgestelde dae."
- 15 Toe hy hierdie woorde vir my gesê het, het ek my gesig na die grond gedraai en was sprakeloos.
- 16 Let op, een wat soos 'n mens gelyk het, het my lippe aangeraak en ek het my mond oopgemaak en gepraat en aan hom wat voor my staan, gesê: "My meester, met die visioen het my binneste gebewe en ek was nie in staat om op te staan nie,
- 17 want hoe kan die dienskneg van my meester met my meester praat? Let op, daar is geen krag in my nie en ook geen asem oor in my nie."
- 18 Toe het die een wat soos 'n mens gelyk het, my weer aangeraak en my versterk
- 19 en gesê: "Moenie bang wees nie, geliefde man, vrede vir jou, wees dapper, wees onveranderlik sterk!" Toe hy met my gepraat het, was ek versterk en het gesê: "My meester kan maar praat, want ek is versterk."
- 20 Toe sê hy vir my: "Weet jy waarom ek na jou toe gekom het? Nou moet ek teruggaan om te veg met die prins van Perse en as ek weggegaan het, let op, die heerser van Griekeland kom,
- 21 maar ek sal jou wys wat opgeteken is in die boekrol van waarheid en daar is niemand om my te help in hierdie dinge nie, behalwe julle prins, Mikha'el."
- 11** 1 In die eerste jaar van Daryavesh, die Meder, het die boodskapper opgestaan om my aan te moedig en te versterk
- 2 en hy het gesê: "Nou sal ek vir jou die waarheid wys. Let op, daar sal nog drie konings opstaan in Perse en die vierde sal baie ryker wees as almal van hulle en wanneer hy sterk geword het in sy eie koninkryk, sal hy al die koninkryke van Griekeland opwek.
- 3 'n Magtige koning sal opstaan en heers met groot gesag en maak net soos hy wil.

- 4 Wanneer hy opgestaan het, sal sy koninkryk verbreek word en na die vier windstreke van die hemel verstrooi word, maar dit sal nie na sy oorspronklike grense uitstrek of volgens die gesag waarmee hy regeer het nie, want sy koninkryk sal ontwortel word en daar sal geen koninkryk wees, behalwe die verdelings van sy koninkryk nie.
- 5 Die koning van die suide en sy prinse sal onveranderlik sterk wees en die mense sal hom volg en hy sal heers oor 'n groot heerskappy
- 6 en ná 'n paar jaar sal hulle tot 'n ooreenkoms kom en die dogter van die koning van die suide sal na die koning van die noorde kom om vrede tussen hulle te sluit, maar sy sal nie in staat wees om haar doel te bereik nie weens vrees en sy sal oorgee, saam met hulle wat haar gebring het, haar diensmaagde en haar bondgenote van daardie tyd.
- 7 'n Erfgenaam van haar geslag sal oor sy land opstaan en met 'n leërmag en mag teen die koning van die noorde kom en teen hom optree en oorwin.
- 8 Hy sal ook hulle afgode met hulle kosbare voorwerpe van silwer en goud gevange na Mitzrayim wegdra en hy sal een of twee keer teen die koning van die noorde opstaan;
- 9 dan sal die koning van die suide die versterkte stede van die koning van die noorde binnedring, maar hy sal na sy eie land terugkeer.
- 10 Sy seuns, (van die noorde), sal egter opgewek word en 'n menigte groot leërs versamel en hom aanval en stroom deur die land en sal terugkeer al vernietigend tot by sy versterkings.
- 11 Die koning van die suide sal woedend wees en uitkom om te veg teen die koning van die noorde en die koning van die noorde sal 'n groot leër op die been bring, maar hierdie leër sal in die hand van sy vyand gegee word
- 12 en wanneer sy vyand die leër vernietig het, sal sy binneste opgelig word en hy sal baie neerslaan, maar nie staande bly nie,
- 13 want die koning van die noorde sal weer terugkeer en 'n leër twee keer so groot as die vorige op die been bring en sal ná 'n sekere aantal jare kom met 'n groot leër en met 'n groot ruitermag.
- 14 In daardie tyd sal baie teen die koning van die noorde opstaan; ook die gewelddadige mense van jou volk sal hulle oplig om die visioen te vervul, maar hulle sal oorwin word.
- 15 Die koning van die noorde sal kom en walle opgooi en die mees versterkte stede inneem en die wapens van die suide sal nie weerstaan nie omdat hulle geen krag het om te weerstaan nie en die gekose manne van die volk sal opstaan, maar hulle kan nie weerstand bied nie, want hulle het geen krag om te weerstaan nie.
- 16 Hy wat teen hom kom, sal egter maak soos hy wil en niemand sal teen hom staande bly nie en hy sal die land van Yisra'el inval en dit sal in sy hande oorgegee word,
- 17 dan sal hy sy gesig daarop rig om die versterkte stede van al die koninkryke in te val en al die mense wat by hom is, sal vorentoe gaan, maar 'n dogter van die mens sal aan hom gegee word sodat sy hom kan vernietig, maar dit sal nie slaag nie en hy sal haar ook nie vir homself vat nie.

- 18 Daarna sal hy sy gesig draai na die eilande en baie daarvan verower en wegdoen met 'n heerser wat hom verag het en sy veragting laat terugkeer op homself.
- 19 Dan sal hy sy gesig draai na die vestings van die aarde, maar hy sal oorwin word en val en nie meer gevind word nie,
- 20 dan sal 'n swak heerser in sy plek opstaan en 'n afhanklike van die koninkryke, maar binne 'n kort tydjie sal hy vernietig word, maar nie deur woede of deur oorlog nie.
- 21 In sy plek sal 'n veragtelike persoon opstaan voor wie hulle nie die koninklike eer sal lê nie, maar hy sal skielik kom en deur bedrog die koninkryk gryp
- 22 en die versterkte stede in die provinsies sal geplunder word en selfs die leier-priesters van die verbond voor hom uit verstrooi
- 23 en sommige wat 'n bondgenootskap met hom sal aangaan, sal bedrieglik teen hom werk
- 24 en tog sal hy sterk word en hom verenig met kleinere mensies en met die ryk stede en hy sal doen wat sy vaders en sy vaders se vaders nie gedoen het nie: hy sal roof en buit en rykdom wegdra, ja en planne teen hulle provinsies maak.
- 25 Vir 'n tyd sal hy sy krag en sy moed opwek teen die koning van die suide met 'n groot en magtige leër en die koning van die suide sal uitgetart word in geveg met 'n groot leër en hy sal baie sterk word, maar hy sal nie staande bly nie, want hulle sal planne teen hom beraam.
- 26 Ja, hulle wat sy lekkernye eet, sal hom vernietig en sy leër verstrooi en baie sal dood neerval
- 27 en albei daardie konings se verstand, wil en emosie sal gedraai word om kwaad te doen en aan een tafel sal hulle leuens praat, maar hulle sal nie voorspoedig wees nie, want die einde sal op die vasgestelde tyd kom,
- 28 dan sal hy na sy eie land teruggaan met 'n groot leër en sy verstand, wil en emosie sal teen die afgesonderde verbond wees
- 29 en hy sal doen soos die vorige keer, net so in die latere tyd.
- 30 Skepe van Kittim sal teen hom kom en hom oorwin en hy sal terugkom en verontwaardig wees teen die afgesonderde verbond; hy sal 'n verstandhouding hê met hulle wat die afgesonderde verbond verlaat het
- 31 en hulle leërs sal opstaan vanuit hulleself en hulle sal die magtige Afgesonderde Plek onrein maak en wegdoen met die daaglikse offers en die verwerplike afgode opstel. Mat 24:15; Mar 13:14
- 32 Hulle wat boos handel teen die verbond sal hy afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal onveranderlik sterk wees.
- 33 Die regverdiges onder die mense sal baie onderrig; tog sal hulle val deur die swaard en die vuur, deur gevangenskap en berowing, 'n duisend dae lank. Heb 11:33-40
- 34 Wanneer hulle val, sal hulle 'n klein bietjie hulp ontvang, maar baie ander teëspoed sal by hulle bygevoeg word deur misleiding.
- 35 Sommige van die wyse manne sal val, om hulle te toets en te onderskei, selfs tot die einde toe, want daar is 'n lang tyd voordat die vasgestelde tyd aanbreek.

- 36 Die koning sal doen net wat hy wil en hy sal homself oplik en groot maak bo elke afgod en sal groot verwerplikhede teen die God van die gode praat en sal voorspoedig wees totdat die woede sy doel bereik, want dit wat vas besluit is, sal uitgevoer word.
- 37 Hy sal ook nie die gode van sy vaders of die begeerte na vroue of enige god ag nie, want hy sal homself bo alle dinge verhoog,
- 38 maar in plaas daarvan sal hy die god van oorheersing vereer en 'n god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud, silwer, kosbare gesteentes en aangename dinge vereer.
- 39 Hy sal die sterk provinsies binneval, vegtend met vreemde gode dat hy die oorwinning kan behaal en oor baie mense heers; hy sal die land verdeel en vir 'n prys verkoop.
- 40 Ten tye van die einde sal die koning van die suide teen hom veg en die koning van die noorde sal teen hom aankom met strydwaens, perderuiters en baie skepe en hy sal die land inkom.
- 41 Hy sal ook die land van Yisra'el bereik en baie mense sal doodgemaak word, maar hierdie volke sal uit sy hand bevry word: Edom, Mo'av en die wat oorbly van die seuns van 'Ammon.
- 42 Hy sal ook sy hand uitsteek teen ander lande en die land van Mitzrayim sal nie ontsnap uit sy hande nie,
- 43 maar hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Mitzrayim; Put (Libië) en Kush sal sy bondgenote wees,
- 44 maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom pla; daarom sal hy met groot woede uitgaan om baie mense te vernietig en dood te maak.
- 45 Hy sal sy koninklike tent opslaan tussen die see en die berg en die Afgesonderde Plek beskerm, maar die tyd van sy einde sal kom en niemand sal hom help nie.
- 12** ¹ In daardie tyd sal Mikha'el, die groot boodskapper wat bevel het oor jou volk, opstaan en daar sal 'n tyd van moeilikheid wees soos nog nooit sedert die begin van die wêreld nie ^{Open 7:14} en in daardie tyd sal sommige van jou volk bevry word, elkeen wie se naam, opgeskryf in die boekrol, gevind sal word. ^{Open 20:12}
- 2 Baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal wakker word, sommige tot die ewige lewe en sommige tot vernedering en ewige verwerping. ^{Open 20:13}
- 3 Hulle wat goed gedoen het en die manne van insig sal skyn soos die glans van die uitspansel en die wat weggedraai het na onpartydige opregtheid sal skyn en wees soos die sterre vir ewig en ewig,
- 4 maar jy, o Dani'el, seël hierdie woorde en wees stil en seël hierdie boek selfs tot die tyd van die einde toe; baie sal die einde wil ken en kennis sal vermeerder word.”
- 5 Toe het ek, Dani'el, gekyk en let op, twee ander boodskappers het, een aan hierdie kant op die wal van die rivier en die ander oorkant op die wal van die rivier gestaan
- 6 en hulle sê aan die man, aangetrek met linne klere, wat bo die waters van die rivier gestaan het: “Hoe lank sal dit wees voor die einde van hierdie dinge?”

- 7 Ek het die man wat met duur klere aangetrek is, wat bo die waters van die rivier staan, gehoor. Hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel toe opgesteek en gesweer by Hom wat vir ewig lewe dat dit vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd sal wees en wanneer 'n afgesonderde volk bevry is, sal al hierdie dinge vervul word.
- 8 Ek, Dani'el het dit gehoor, maar nie verstaan nie; toe het ek gesê: "My meester, wat sal na hierdie dinge gebeur?"
- 9 Hy het gesê: "Gaan op jou pad, Dani'el, want die woorde is verseël tot die tyd van die einde toe." Open 22:10
- 10 Baie sal gekies word en wit gemaak en getoets word, maar die sondaars sal voortgaan om te sondig en geeneen van die bese mense sal verstaan nie, maar hulle wat goeie werke gedoen het, sal verstaan. Open 22:11,14,15
- 11 Vanaf die tyd dat die daaglikse offer afgeskaf en die verwerplike afgode opgerig word, sal een duisend twee honderd en negentig dae verloop.
- 12 Geseënd is hy wat ernstig wag tot die een duisend drie honderd vyf en dertig dae bereik word.
- 13 Wat jou betref, Dani'el, gaan weg en rus tot die einde; dan sal jy opstaan op jou vasgestelde tyd aan die einde van die dae.

Die ses en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die tiende boek van die Geskrifte

`Ezra
(Esra)

עזרא - help.

Die boek is gedeeltelik in Hebreeus en gedeeltelik in Aramees geskryf. Die skrywer, samesteller, was bes moontlik `Ezra, rondom 405-400 voor Yeshua gekom het.

- 1 1 In die eerste jaar van Koresh, koning van die Perse, het יהוה die gees van Koresh, koning van die Perse, opgewek sodat die woord van יהוה uit die mond van Yirmeyahu ^{Yir 29:10} vervul sou word dat hy 'n oproep deur sy hele koninkryk gemaak en dit ook op skrif gestel het, deur te sê:
- 2 “So sê Koresh, koning van die Perse: יהוה, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee en Hy het my beveel om vir Hom 'n huis te bou in Yerushalayim, wat in Y'hudah is.
- 3 Wie is daar tussen julle wat aan Sy hele volk behoort? Sy God sal by hom wees, laat hom opgaan na Yerushalayim wat in Y'hudah is en die huis vir יהוה, die God van Yisra'el, bou! Hy is die God wat in Yerushalayim is.
- 4 Wie ook al oorgebly het, in enige plek waar hy as vreemdeling gebly het, laat die manne van sy plek hom help met silwer, goud, met goedere en vee, saam met die vrywillige geskenke vir die huis van die God wat in Yerushalayim is.”
- 5 Toe het die familiehoofde van Y'hudah en Binyamin opgestaan, met die priesters en die Leviëte, saam met elkeen wie se gees God opgewek het om op te gaan om die huis van יהוה wat in Yerushalayim is, te bou.
- 6 Almal wat rondom hulle was, het hul gehelp met silwer voorwerpe, met goud, met goedere, vee en kosbare geskenke, wat hulle vrywilliglik geskenk het.
- 7 Koning Koresh het ook die voorwerpe van die Huis van יהוה uitgebring wat N'vukadnetzar uit Yerushalayim weggevoer en in die huis van sy god gesit het.
- 8 Toe het Koresh, koning van Perse, dit uitgebring onder toesig van Mitr'dat, die skatmeester en hy het dit aan Sheshbatar, die prins van Y'hudah, oorgegee.
- 9 Dit was die hoeveelheid daarvan: dertig goue komme, 'n duisend silwer komme, nege en twintig offermesse,
- 10 vier honderd en tien dun silwer bekere, nog dertig goue bekere en 'n duisend ander voorwerpe.
- 11 Al die voorwerpe van goud en silwer was vyf duisend vier honderd; dit alles het Sheshbatar saam met die manne gebring toe die ballinge uit Bavel na Yerushalayim teruggegaan het.
- 2 1 Hierdie is die inwoners van die provinsie wat opgetrek het uit die gevangenskap, wat N'vukadnetzar, koning van Bavel, na Bavel weggevoer het en weer na Yerushalayim en Y'hudah teruggekeer het, elkeen na sy eie stad;
- 2 hulle wat saam met Z'rubavel, Yeshua, Negemyah, S'rayah, Re'elyah, Mordekhai, Bilshan, Mispar, Bigwai, Regum en Ba'anah gegaan het. Die aantal manne van die volk van Yisra'el was:
- 3 die seuns van Par'osh, twee duisend een honderd twee en sewentig;
- 4 die seuns van Sh'fatyah, drie honderd twee en sewentig;
- 5 die seuns van Arag, sewe honderd vyf en sewentig;
- 6 die seuns van Pagat-Mo'av, van die seuns van Yeshua en Yo'av, twee duisend agt honderd en twaalf;
- 7 die seuns van `Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig; ^{Yir 49:35-39; Dan 8:2}
- 8 die seuns van Zattu, nege honderd vyf en veertig;
- 9 die seuns van Zakkai, sewe honderd en sestig;

- 10 die seuns van Bani, ses honderd twee en veertig;
11 die seuns van B'vai, ses honderd drie en twintig;
12 die seuns van `Azgad, een duisend twee honderd twee en twintig;
13 die seuns van Adonikam, ses honderd ses en sestig;
14 die seuns van Bigwai, twee duisend ses en vyftig;
15 die seuns van `Adin, vier honderd vier en vyftig;
16 die seuns van Ater, van Hizkiyahu, agt en negentig;
17 die seuns van Betzai, drie honderd drie en twintig;
18 die seuns van Yorah, een honderd en twaalf;
19 die seuns van Hashum, twee honderd drie en twintig;
20 die seuns van Gibbar, vyf en negentig;
21 die seuns van Beit-Legem, een honderd drie en twintig;
22 die manne van N'tofah, ses en vyftig;
23 die manne van `Anatot, een honderd agt en twintig;
24 die seuns van `Azmawet, twee en veertig;
25 die seuns van Kiryat-`Arim, K'firah en Be'erot, sewe honderd drie en veertig;
26 die seuns van Ramah en Geva, ses honderd een en twintig;
27 die manne van Mikhmas, een honderd twee en twintig;
28 die manne van Beit-El en `Ai, twee honderd drie en twintig;
29 die seuns van N'vo, twee en vyftig;
30 die seuns van Magbish, een honderd ses en vyftig;
31 die seuns van die ander `Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig; ^{Yir 49:35-39}
32 die seuns van Harim, drie honderd en twintig;
33 die seuns van Lod, Hadid en Ono, sewe honderd vyf en twintig;
34 die seuns van Yerigo, drie honderd vyf en veertig;
35 die seuns van S'na'ah, drie duisend ses honderd en dertig.
36 Die priesters:
 die seuns van Y'da'yah, van die huis van Yeshua, nege honderd drie en sewentig;
37 die seuns van Immer, een duisend twee en vyftig;
38 die seuns van Pash'gur, een duisend twee honderd sewe en veertig;
39 die seuns van Harim, een duisend en sewentien.
40 Die Leviete:
 die seuns van Yeshua en Kadmi'el, van die seuns van Hodavyah, vier en sewentig.
41 Die sangers:
 die seuns van Asaf, een honderd agt en twintig.
42 Die seuns van die poortwagters:
 die seuns van Shallum, die seuns van Ater, die seuns van Talmon, die seuns van
 `Akkuv, die seuns van Hatita, die seuns van Shovai, almal saam een honderd nege
 en dertig.
43 Die tempelbediendes:
 die seuns van Tziga, die seuns van Hasufa, die seuns van Tabbat; ^{ot}
44 die seuns van Keros, die seuns van Sia'ha, die seuns van Padon;
45 die seuns van L'vana, die seuns van Hagavah, die seuns van `Akkuv;
46 die seuns van Hagav, die seuns van Salmai, die seuns van Hanan;

- 47 die seuns van Giddel, die seuns van Gagar, die seuns van Re'ayah;
48 die seuns van Retzin, die seuns van N'koda, die seuns van Gazam;
49 die seuns van 'Uza, die seuns van Paseag, die seuns van Besai;
50 die seuns van Asnah, die seuns van Me'unim, die seuns van N'fusim;
51 die seuns van Bakbuk, die seuns van Hakufa, die seuns van Harhur;
52 die seuns van Batzlut, die seuns van M'gida, die seuns van Harsha;
53 die seuns van Barkos, die seuns van Sisra, die seuns van Temag;
54 die seuns van N'tziag, die seuns van Hatifa;
55 die seuns van die diensknegte van Shlomo:
 die seuns van Sotai, die seuns van Hassoferet, die seuns van P'ruda;
56 die seuns van Ya'alah, die seuns van Darkon, die seuns van Giddel;
57 die seuns van Sh'fatyah, die seuns van Hattil, die seuns van Pokheret-Hatzvayim,
 die seuns van Ami,
58 al die tempelknegte en die seuns van die diensknegte van Shlomo was drie honderd twee en negentig.
59 Hierdie is hulle wat uit Tel-Melag, Tel-Harsha en K'ruv opgetrek het, maar nie verseker hulle familie en hulle afkoms kon aanwys, of hulle vanuit Yisra'el is nie:
60 die seuns van D'layah, die seuns van Toviyah, die seuns van N'koda, ses honderd twee en vyftig.
61 Van die seuns van die priesters:
 die seuns van Havayah, die seuns van Hakkotz, die seuns van Barzillai, wat uit die dogters van Barzillai, die Gil'adiet, 'n vrou gevat het en na hulle vernoem is.
62 Hulle het hul registers gesoek tussen die wat as voorgeslag erken is, maar dit is nie gevind nie; daarom is hulle vrygestel van die priesterskap.
63 Die leiers van Yisra'el het vir hulle gesê dat hulle nie mag eet van die mees afgesonderde dinge nie totdat 'n hoofpriester sou opstaan en navraag doen met urim en tummim.
64 Die hele vergadering saam was twee en veertig duisend drie honderd en sestig,
65 behalwe hulle slawe en hulle slavinne, waarvan daar sewe duisend drie honderd sewe en dertig was en hulle wat met sang bedien het, twee honderd sangers en sangeresse.
66 Hulle perde was sewe honderd ses en dertig; hulle muile, twee honderd vyf en veertig;
67 hulle kamele, vier honderd vyf en dertig; hulle donkies, ses duisend sewe honderd en twintig.
68 Sommige van die hoofde van die vaders het, toe hulle by die huis van יהוה kom wat in Yerushalayim is, hulle vrywillig beskikbaar gestel vir die huis van God, om dit weer op te rig op sy plek.
69 Hulle het volgens hulle vermoë gegee vir die finansiëring van die werk: een en sestig duisend drams (0,6 ton) goud, vyf duisend manim (net meer as 3 ton) silwer en 'n honderd kledingstukke vir die priesters.
70 So het dan die priesters, die Leviete, sommige van die volk, die sangers, die poortwagters, die tempelknegte en hulle wat in die stede woon na hulle plekke teruggekeer en die hele Yisra'el na hulle stede.

- 3 1 Toe die sewende maand aanbreek en die seuns van Yisra'el in hulle stede was, het die volk soos een man in Yerushalayim bymekaargekom.
- 2 Toe het Yeshua, die seun van Yotzadak, ^{Yeg 43:19; 44:15; 1 Kro 6:14,15} met sy broers, die priesters en Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el, ^{Z'kh 4:6-10; Mat 1:12} met sy broers, opgestaan en die altaar van die God van Yisra'el gebou om brandoffers op te offer soos dit geskryf staan in die wet van Mosheh, die profeet van God.
- 3 Hulle het die altaar op sy basis opgerig omdat vrees oor hulle was vir die mense wat in die stede gebly het en hulle het brandoffers tot יהוה daarop geoffer, brandoffers in die oggend en in die aand
- 4 en hulle het die Sukkot (Hutfees) gehou soos geskryf staan en die daaglikse brandoffers volgens die getal gebring, volgens die instelling, volgens die daaglikse vereiste; ^{Yeg 43:18-27}
- 5 daarna die voortdurende brandoffer, beide van die Nuwemane en van al die feeste van יהוה wat afgesonder is en van elkeen wat aan יהוה 'n vrywillige offer gebring het.
- 6 Vanaf die eerste dag van die sewende maand het hulle begin om brandoffers aan יהוה te offer, maar die fondament van die tempel van יהוה was nog nie gelê nie.
- 7 Hulle het geld gegee aan die klipkappers en die skrynwerkers en aan die manne van Tzidon en Tzor het hulle kos, drank en olie gegee om sederhout per see vanaf die L'vanon te bring, na Yafo, volgens die toegewing van Koresh, koning van Perse, aan hulle.
- 8 In die tweede jaar van hulle aankoms by die huis van God in Yerushalayim, in die tweede maand, het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Yeshua, die seun van Yotzadak, die res van hulle broers, die priesters en die Leviëte en almal wat uit die gevangenskap na Yerushalayim gekom het, begin om die Leviëte van twintig jaar oud en ouer aan te stel om toesig te hou oor die werk aan die huis van יהוה in die dag.
- 9 Toe het Yeshua, met sy seuns en sy broers, Kadmi'el met sy seuns en die seuns van Y'hudah, saam opgestaan soos een man, om die werk aan die huis van יהוה te doen; asook die seuns van Henadad, hulle seuns en hulle broers, die Leviëte.
- 10 Toe die bouers die fondamente van die gebou van die tempel van יהוה gelê het, het die priesters in hulle ampsdrag, met ramshorings en die Leviëte, die seuns van Asaf, met groot ramshorings opgestel om יהוה helder en duidelik te prys volgens die instelling van Dawid, koning van Yisra'el.
- 11 Hulle het in eenheid saam gesing met lofprysing en danksegging aan יהוה, want Hy is goed, want Sy omgee teenoor Yisra'el duur vir ewig! Die hele volk het uitgeroep met 'n harde geskreue toe hulle יהוה geloof het omdat die fondament van die huis van יהוה gelê is,
- 12 maar baie van die priesters, die Leviëte en die hoofde van die vaders, van die oues wat die eerste tempel in sy lof gesien het, het hardop gehuil toe die fondament van hierdie huis voor hulle oë gelê is terwyl baie hulle stemme verhef het met ramshorings en vreugde

13 sodat die volk nie die geluid van ramshorings kon onderskei van die gehuil van die mense nie, want die volk het ramshorings geblaas met 'n harde geblaas en die gehuil is ver gehoor.

4 1 Toe die teëstanders van Y'udah en Binyamin hoor dat die ballinge 'n tempel bou vir יהוה, die God van Yisra'el,

2 het hulle na Z'rubavel en die hoofde van die vaders gekom en vir hulle gesê: “Laat ons ook saam met julle bou, want ons soek julle God net soos julle en ons het aan Hom geoffer vanaf die dae van Esar-Haddon, koning van Ashur, wat ons hierheen gebring het.” ^{2 Kon 17:3, 19, 24}

3 Z'rubavel, Yeshua en die ander hoofde van die vaders van Yisra'el het egter vir hulle gesê: “Julle het niks met ons te doen om vir ons God 'n huis te bou nie, want ons saam sal self vir יהוה, die God van Yisra'el 'n huis bou soos wat Koresh, koning van Perse, ons beveel het.”

4 Toe het die ander nasies van die land die hande van die volk van Y'udah verswak en hulle vreesbevange gemaak dat hulle nie kon bou nie

5 en raadgewers teen hulle gehuur om hulle doel te frustreer al die dae van Koresh, koning van Perse, selfs tot by die regering van Daryavesh, koning van Perse.

6 Aan die begin van die regering van Agashverosh, het hulle 'n aanklag geskryf teen die inwoners van Y'udah en Yerushalayim

7 en in die dae van Artag'shashta het Bishlam, Mitr'dat, Tav'el en hulle bondgenote, aan Artag'shashta, koning van Perse geskryf. Die brief is in Aramese skrif geskryf en in die Aramese taal vertaal.

8 Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer, het 'n brief geskryf teen Yerushalayim aan Artag'shashta, die koning, volgens die gewoonte.

9 Toe skryf Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote, die Dinaïete, die Afarsat'khiete, die Tarp'liete, die Afarsiete, die Ark'wiete, die Baveloniërs, die Shushan'khiete, die Dehayiete, die Eilamiëte

10 en die ander nasies wat die groot en beroemde Osnappar weggevoer en in die stede van Shomron gevestig het en die ander wat aan hierdie kant van die Eufraat is, in daardie tyd. ^{2 Kon 17:24-26}

11 Hierdie is 'n afskrif van die brief wat hulle aan hom gestuur het, aan koning Artag'shashta: “U diensknegte, die manne wes van die Eufraat, as volg:

12 laat dit aan die koning bekend wees dat die Y'udahiete wat van u af na ons opgetrek het, in Yerushalayim aangekom het en dat hulle die rebelse en bese stad bou. Die mure is voltooi en die fondasies gegrawe.

13 Laat dit nou aan die koning bekend wees dat, as hierdie stad gebou en die mure voltooi is, u geen belasting, opbrengs of tol sal ontvang nie en u die inkomste van die konings in gevaar sal stel.

14 Aangesien ons nou die sout van die paleis geëet het en dit ons nie pas om die oneer van die koning te aanskou nie, stuur ons en laat die koning weet

15 dat die boek van die kronieke van u vaders gelees mag word en u sal vind in die boek van kronieke dat dié stad 'n rebelse stad is en skadelik vir konings en provinsies en dat van ouds af daarin groot stryd plaasgevind het; daarom is dié stad verwoes.

- 16 Ons maak dit aan die koning bekend dat, as dié stad gebou en die mure voltooi word, u daardeur geen outoriteit sal hê wes van die Eufraat nie.”
- 17 Toe het die koning 'n antwoord gestuur: “Aan Regum, die kanselier en Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote wat in Shomron en in die ander gebied wes van die Eufraat bly: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.
- 18 Toe die brief wat julle aan ons gestuur het, aangekom het, is dit duidelik voor my gelees.
- 19 Ek het beveel en hulle het gesoek en gevind dat dié stad van ouds af hom teen konings verset en dat rebellie en oproer daarin verwek is.
- 20 Daar was ook magtige konings oor Yerushalayim wat geheers het oor al die lande wes van die Eufraat en hulle het niks vir die antieke konings omgee nie;
- 21 daarom, maak nou 'n verordening wat die manne laat ophou sodat hierdie stad nie gebou mag word totdat ek 'n bevel gegee het nie.
- 22 Gee aandag dat jy nie faal om dit te doen nie sodat die skade nie groter sal word tot skade van die konings nie.”
- 23 Toe die afskrif van die brief vanaf Artag'shashta, die koning, aan Regum, die kanselier, Shimshai, die skrywer en hulle bondgenote voorgelees is, het hulle haastig na Yerushalayim, teen die Y'udahiete opgegaan en hulle met 'n sterk weermag laat ophou bou.
- 24 Toe het die werk aan die huis van God, wat in Yerushalayim is, opgehou en dit is gestaak tot in die tweede jaar van die regering van Daryavesh, koning van Perse.
- 5** 1 Toe het die profete, Haggai en Z'kharyah, die seun van 'Iddo, vir die Y'udahiete, wat in Y'udah en Yerushalayim was, aangaande hulle geprofeteer in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die God van Yisra'el.
- 2 Toe het Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Yeshua, die seun van Yotzadak, opgestaan en begin om die huis van God, wat in Yerushalayim is, te bou en saam met hulle was die profete van God wat hulle gehelp het.
- 3 In daardie tyd het Tattenai, die kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai en hulle bondgenote na hulle gekom en só vir hulle en die res van die mense gesê: “Wie het aan julle die bevel gegee om hierdie huis te bou en hierdie muur op te rig?”
- 4 Toe het hulle met hul gepraat volgens die wet en gesê: “Wat is die name van die manne wat hierdie bouwerk doen?”
- 5 Die oog van hulle God was egter op die bannelinge van Yisra'el en hulle het nie opgehou totdat die saak na Daryavesh gebring is nie en toe het hulle 'n antwoord teruggestuur aangaande die saak.
- 6 Die afskrif van die brief wat Tattenai, die kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai en hul bondgenote, wat wes van die Eufraat was, aan koning Daryavesh gestuur het;
- 7 hulle het aan hom 'n brief gestuur waarin so geskryf is: “Aan Daryavesh, die koning, alle vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!

- 8 Laat dit aan die koning bekend wees dat ons na die provinsie Y'hudah, na die stad van die groot God, gegaan het wat met groot klippe gebou word en baie hout word in die mure gelê; 'n groot werk word daar gedoen en die groot werk is voorspoedig in hulle hande.
- 9 Toe het ons daardie oudstes gevra en só vir hulle gesê: 'Wie het aan julle die bevel gegee om hierdie huis te bou en hierdie muur op te rig?'
- 10 Ons het ook vir hulle hul name gevra dat ons u kan inlig en dat ons die name van die manne wat hul leiers is, kan skryf.
- 11 Dit is die antwoord wat hulle ons gegee het: 'Ons is diensknegte van die God van die hemel en aarde en hierdie huis wat ons bou, is baie jare gelede gebou en is voltooi deur 'n koning van Yisra'el en sy prinse,
- 12 maar omdat ons vaders die God van die hemel getart het tot woede, het Hy hulle oorgegee in die hand van N'vukadnetzar, koning van die Kasdeërs, wat hierdie huis vernietig en die volk na Bavel weggevoer het.
- 13 In die eerste jaar van Koresh, koning van Perse, het Koresh egter 'n bevel gegee dat hierdie huis van God herbou moet word.
- 14 Ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God wat N'vukadnetzar uit die tempel in Yerushalayim weggevat en in die tempel van Bavel gesit het, daardie voorwerpe het Koresh, die koning uit die tempel van Bavel gevat en dit oorhandig aan een met die naam van Sheshbatzar, wat hy goewerneur gemaak het
- 15 en hy het vir hom gesê: 'Vat hierdie voorwerpe, gaan sit dit in die tempel in Yerushalayim en laat die tempel van God herbou word op sy plek.
- 16 Toe het dieselfde Sheshbatzar gekom en die fondasies van die huis van God in Yerushalayim gelê en van toe af tot nou toe word daar gebou en nog is dit nie voltooi nie;'
- 17 daarom, as dit vir die koning goed is, laat daar gesoek word in die skathuis van die koning, daar in Bavel, of dit so is dat daar 'n bevel deur koning Koresh uitgevaardig is om hierdie huis van God in Yerushalayim te bou en mag die koning sy wil aangaande hierdie saak aan ons stuur."
- 6** 1 Toe het Daryavesh, die koning, 'n bevel uitgevaardig en hulle het gesoek in die boekrolle wat in die huis van skatte, in Bavel, was.
- 2 In die stad van Agm'ta, wat in die provinsie Médië lê, is 'n boekrol gevind en só was daarin geskrywe:
- 3 in die eerste jaar van Koresh, die koning, het Koresh die koning 'n verordening uitgevaardig en beveel dat die huis van God, wat in Yerushalayim is, herbou moet word op die plek waar hulle offers bring en sy fondasies gegooi word; sy hoogte moet sestig el en sy breedte twintig el wees;
- 4 met drie lae groot klippe en deure van nuwe hout en laat die onkoste uit die huis van die koning betaal word.
- 5 Laat ook die goue en silwer voorwerpe van die huis van God, wat N'vukadnetzar uit die tempel in Yerushalayim weggevat en na Bavel gebring het, teruggegee word en weer na die tempel, wat in Yerushalayim is, gebring word, elkeen na sy plek en jy moet hulle in die huis van God sit;

- 6 daarom nou, laat Tattenai, kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai met hulle bondgenote, die kanseliers wes van die Eufraat, daar wegbly.
- 7 Laat die werk aan die huis van God alleen; laat die Y'hudahiete en die bannelinge van Y'hudah die huis van God op sy plek bou.
- 8 Meer nog, die bevel is deur my uitgevaardig, waarom argumenteer julle dan met die Y'hudahiete van die gevangenskap en verhinder julle hul om die huis van God te bou? Vanuit dit wat die koning se rykdom is en vanuit die belasting van die westelike gebied van die Eufraat, moet die uitgawes aan daardie manne betaal word sodat hulle nie verhinder sal word om te bou nie.
- 9 Wat hulle ook al wil hê, gee dit vir hulle en moet in niks hulle tekort laat nie, jong bulle, sowel as ramme en lammers vir die brandoffers aan die God van die hemel; koring, sout, wyn en olie moet aan hulle volgens verordening van die priesters in Yerushalayim, sonder versuim, dag vir dag, gegee word
- 10 dat hulle offers kan bring aan die God van die hemel en kan bid vir die koning en sy seuns.
- 11 Ek het ook 'n verordening gemaak dat wie ook al hierdie bevel verander; laat 'n balk uit sy huis getrek word en vir hom 'n kruis gemaak word en laat hy daarop gekruisig word en van sy huis 'n mishoop gemaak word.
- 12 Die God, Wie se Naam (Karakter en Outoriteit) ons gevind het dat dit daar is, sal daar bly en elke koning of volk wat sy hand uitsteek om hierdie bevel te oortree, of om die huis van God, wat in Yerushalayim is, te verwoes, Ek, Daryavesh, het beveel dat hy haastig vernietig sal word.
- 13 Toe het Tattenai, kanselier wes van die Eufraat en Sh'tar-Boznai met hulle bondgenote gou gehandel volgens die bevel wat Daryavesh, die koning gestuur het.
- 14 Die Y'hudahiete het die werk gedoen en hulle was voorspoedig deur die profesieë van Haggai, die profeet en Z'kharyah, die seun van 'Iddo en hulle het gebou en dit voltooi volgens die bevel van die God van Yisra'el en op bevel van Koresh, Daryavesh en Artag'shashta, konings van Perse.
- 15 Hierdie huis was klaar op die derde dag van die maand Adar (12^{de} maand), in die sesde jaar van die regering van koning Daryavesh.
- 16 Die seuns van Yisra'el, die priesters, die Leviëte en die ander seuns van Y'hudah, het die inwyding van hierdie huis van God met vreugde gevier.
- 17 Hulle het by die inwyding van hierdie huis van God een honderd bulle, twee honderd ramme, vier honderd lammers en twaalf bokramme as sondoffer vir die hele Yisra'el geoffer, volgens die aantal stamme van Yisra'el.
- 18 Hulle het die priesters in hulle afdelings aangestel en die Leviëte volgens hulle afdelings, oor die diens van die huis van God, wat in Yerushalayim is, soos dit geskryf is in die boek van die wet, van Mosheh.
- 19 Die ballinge het die Pesag gehou op die veertiende dag van die eerste maand,
- 20 want die priesters en die Leviëte het hulle soos een man gereinig, almal was rein en hulle het die lammers op die Pesagdag geslag vir al die mense van die ballingskap en vir hulle broers, die priesters en vir hulleself.

- 21 Die kinders van Yisra'el, wat van die ballingskap in Bavel teruggekeer het, almal wat hulleself afgesonder het van die onreinheid van die ander nasies van die land, om te bid tot יהוה, die God van Yisra'el, het geëet.
- 22 Hulle het ook die Fees van Ongesuurde Brood vir sewe dae met blydschap gehou, want יהוה het hulle vreugdevol gemaak en die verstand, wil en emosie van die koning van Ashur na hulle toe gedraai, om hul hande standvastig te versterk in die werk aan die huis van יהוה, God van Yisra'el.
- 7** 1 Ná hierdie dinge, tydens die regering van Artag'shashta, koning van Perse, het 'Ezra, 'n leier, die seun van S'rayah, die seun van 'Azaryah, die seun van Hilkiyah,
- 2 die seun van Shallum, die seun van Tzadok, die seun van Agituv,
- 3 die seun van Amaryah, die seun van 'Azaryah, die seun van M'rayot,
- 4 die seun van Z'ragyah, die seun van 'Uzi, die seun van Bukki,
- 5 die seun van Avishua, die seun van Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die hoofpriester,
- 6 opgegaan uit Bavel. Hy was 'n skrifgeleerde, geskool in die wet van Mosheh wat יהוה, die God van Yisra'el, gegee het. Die koning het aan hom al sy versoeke toegestaan sodat hy kon lewe soos hy wou volgens die wet van יהוה, sy God.
- 7 Daar het ook sommige van die seuns van Yisra'el, van die priesters, die Leviete, die sangers, die poortwagters en die tempelknegte na Yerushalayim opgegaan in die sewende jaar van koning Artag'shashta.
- 8 Hulle het in Yerushalayim gekom in die vyfde maand van die sewende jaar van die koning.
- 9 In die eerste maand het hulle begin opgaan uit Bavel en op die eerste dag van die vyfde maand het hulle in Yerushalayim aangekom, volgens die hand van God wat goed was oor hulle,
- 10 want 'Ezra het sy verstand, wil en emosie daarop gerig om die wet van יהוה te ondersoek, dit te doen en in Yisra'el die instellings en regverdige oordele te onderrig.
- 11 Hierdie is die afskrif van die brief wat koning Artag'shashta gegee het aan 'Ezra, die priester en skrifgeleerde van die woorde, die opdragte en instellings van יהוה aan die hele Yisra'el:
- 12 "Artag'shashta, koning van die konings, aan die priester 'Ezra, skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, alle vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!
- 13 Ek het 'n bevel uitgevaardig en 'n reëling gemaak dat enige een van die volk van Yisra'el, sy priesters en Leviete, in my koninkryk, wat begeer om saam met jou op te gaan na Yerushalayim, mag gaan.
- 14 Meer nog, ek het 'n bevel uitgevaardig en 'n reëling gemaak en sommige van my vriende gestuur om navraag te doen na die welstand van Y'udah en Yerushalayim en om ook navraag te doen aangaande die wet van jou God wat in jou hand is
- 15 en om die koning se silwer en goud weg te bring wat ek vrywillig gegee het vir die huis van God, Wie se blyplek in Yerushalayim is

- 16 en al die silwer en goud wat in al die provinsies van Bavel te vinde is, sal saam met jou gaan en die priesters en die Leviete en almal wat saam met jou wil gaan, mag gaan na die huis van God, wat in Yerushalayim is.
- 17 Jy moet met hierdie geld wyslik bulle, ramme en lammers, saam met hulle graanoffers en drankoffers, wat daarby saamgaan, koop en dit op die altaar van julle God, wat in Yerushalayim is, offer
- 18 en wat jy en jou broers goed vind om met die orige geld te doen, doen dit volgens die wil van julle God.
- 19 Die houters wat ook vir jou gegee word vir die diens van die huis van jou God, moet jy aflewer voor die God wat in Yerushalayim is
- 20 en die res van die houters wat jy mag benodig vir die diens in die huis van jou God, moet jy vat en gee uit die skathuis van die koning.
- 21 Ek, Artag'shashta, die koning, vaardig 'n bevel uit aan al die skatmeesters wat wes van die Eufraat is, dat wat ook al 'Ezra, die priester, die skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, van julle mag vra, julle dit haastig sal doen,
- 22 tot en met 'n honderd talente silwer en tot 'n honderd kor koring en tot 'n honderd bat wyn en tot honderd bat olie en sout sonder beperking.
- 23 Alles wat volgens die bevel is, sal gegee word en jy moet dit gee volgens die wet van die God van die hemel; laat dit gevat en gedoen word sodat daar nie 'n toorn kom oor die koninkryk van die koning en sy seuns nie.
- 24 Ons stel julle ook in kennis dat dit onwettig is vir julle om die priesters, Leviete, sangers, poortwagters, tempelknegte of werkers van die huis van God aan te raak of lastig te val
- 25 en jy, 'Ezra, volgens jou wysheid wat jou God jou gegee het, stel owerhede en registers aan wat al die volke wat wes van die Eufraat is, kan regeer, almal wat die wette van jou God ken en vir hom wat dit nie ken nie, moet julle dit leer.
- 26 Wie ook al nie die wet van jou God en die wet van die koning doen nie, laat oordeel haastig oor hom uitgevoer word, hetsy ter dood of tot verbanning of konfiskering van goedere of tronkstraf."
- 27 Geseënd is U, o יהוה, God van ons vaders, want U het hierdie ding in die verstand, wil en emosie van die koning gesit, om die huis van יהוה wat in Yerushalayim is, te versier
- 28 en sy guns tot my uit te strek voor die koning en sy magtige prinse. Ek is versterk omdat die hand van יהוה, my God, op my was en ek het leiers uit Yisra'el gekies om saam met my op te gaan.
- 8** 1 Hierdie is die name van die hoofde van die families en die geslagsregister van hulle wat saam met my opgegaan het vanaf Bavel onder die regering van Artag'shashta, die koning:
- 2 van die seuns van Pingas: Gershom;
van die seuns van Itamar: Dani'el;
van die seuns van Dawid: Hattush,
- 3 van die seuns van Sh'khanyah en die seuns van Par'osh: Z'kharyah en saam met hom is honderd en vyftig mans volgens nageslag gereken;

- 4 van die seuns van Pagat-Mo'av: Ely'ho'einai, die seun van Z'ragyah en twee honderd mans saam met hom;
- 5 van die seuns van Sh'khanyah: die seun van Yagazi'el en drie honderd mans saam met hom;
- 6 van die seuns van `Adin: `Eved, die seun van Y'honatan en vyftig mans saam met hom;
- 7 van die seuns van `Eilam: Yesha'yahu, die seun van `Atalyah en sewentig mans saam met hom;
- 8 van die seuns van Sh'fatyah: Z'vadyah, die seun van Mikha'el en tagtig mans saam met hom;
- 9 van die seuns van Yo'av: `Ovadyah, die seun van Yegi'el en twee honderd en agttien mans saam met hom;
- 10 van die seuns van Shlomit: die seun van Yosifyah en een honderd en sestig mans saam met hom;
- 11 van die seuns van B'vai: Z'kharyah, die seun van B'vai en agt en twintig mans saam met hom;
- 12 van die seuns van `Azgad: Yoganan, die seun van HaKatan en een honderd en tien mans saam met hom;
- 13 van die laaste seuns van Adonikam wie se name is: Elifelet, Ye'i'el en Sh'ma'yah en sestig mans saam met hulle;
- 14 van die seuns van Bigwai: `Utai en Zakur en sewentig mans saam met hulle.
- 15 Ek het hulle bymekaar laat kom by die rivier wat na Ahawa loop en ons het drie dae daar gekamp en ek het gekyk na die volk en die priesters, maar geen van die seuns van Levi gekry nie;
- 16 daarom het ek vir Eli'ezer, Ari'el, Sh'ma'yah, Elnatan, Yariv, Eliatan, Natan, Z'kharyah en Meshullam, die leiers en vir Yoyariv en Eliatan, manne met insig, geroep
- 17 en hulle bevel gegee om na `Iddo, die hoof van die plek Kasifya, te gaan en ek het vir hulle gesê wat om vir `Iddo en vir sy broers, wat by Kasifya kamp, te sê, dat hulle vir ons bedienaars vir die huis van ons God moes bring.
- 18 Omdat die goeie guns van ons God oor ons was, het hulle vir ons 'n man van insig gebring vanuit die nageslag van Magli, die seun van Levi, die seun van Yisra'el, Sherevyah met sy seuns en sy broers, twaalf
- 19 en Hashavyah en saam met hom Yesha'yah, van die seuns van M'rari, sy broers en hulle seuns, twintig
- 20 en ook van die manne wat Dawid aangestel het vir die diens van die Leviëte (wat afgesonderd was), twee honderd en twintig en almal is by hulle name uitgeken.
- 21 Toe het ek hulle geroep en 'n vastyd uitgeroep by die rivier Ahawa, om ons te verneder voor ons God, om 'n regte pad vir ons te vind en vir ons families en al ons goed,
- 22 want ek was skaam om van die koning 'n leër en perderuiters te vra om ons te help teen vyande op die pad omdat ons met die koning gepraat en gesê het: "Die hand van ons God is met almal wat Hom ten goede soek, maar Sy krag en Sy woede is oor almal wat Hom verlaat."

- 23 Ons het gevas en dit van ons God gevra en Hy het na ons geluister.
- 24 Toe het ek twaalf van die oudstes van die priesters gekies: Sherevyah, Hashavyah en tien van hulle broers saam met hulle
- 25 en vir hulle die silwer en die goud en die voorwerpe afgeweeg, selfs die geskenke aan die huis van ons God, wat die koning, sy edeles, sy prinse en die hele Yisra'el daar teenwoordig, geskenk het.
- 26 Ek het in hulle hand afgetel: een honderd en vyftig talente silwer en silwer voorwerpe van 'n honderd talente en voorwerpe van goud, een honderd talente,
- 27 twintig goue bekere van duisend darieke (10kg) en mooi voorwerpe van Korinthe koper, kosbaar soos goud.
- 28 Ek het vir hulle gesê: “Julle is afgesonder tot יהוה en ook die voorwerpe is afgesonder en die silwer en die goud is 'n vrywillige geskenk aan יהוה, die God van julle vaders.
- 29 Wees versigtig en bewaak hulle totdat julle dit oorhandig in die teenwoordigheid van die leiers van die priesters, die Leviëte en die leiers van die families van Yisra'el in Yerushalayim, in die kamers van die huis van יהוה.”
- 30 Die priesters en die Leviëte het dit op hulleself geneem om die silwer, die goud en die voorwerpe per gewig af te lewer en hulle na Yerushalayim, na die huis van ons God, te bring.
- 31 Daarna het ons weggegaan van die rivier Ahawa af op die twaalfde dag van die eerste maand, om na Yerushalayim te gaan en die hand van ons God was op ons en Hy het ons bevry uit die hand van ons vyande en van hulle wat langs die pad lê en wag
- 32 en ons het in Yerushalayim aangekom en drie dae daar gebly.
- 33 Op die vierde dag het ons die silwer, die goud en die voorwerpe in die huis van ons God afgeweeg en dit oorhandig aan M'remot, die seun van Uriyah, die priester en saam met hom was El'azar, die seun van Pingas en by hulle Yozavad, die seun van Yeshua en No'adyah, die seun van Binui, die Leviëte,
- 34 volgens getal en gewig van alles en die gewig van alles is op daardie tyd opgeskryf.
- 35 Dit is die nageslag van hulle wat gevange weggevoer is en van die gevangenskap teruggekeer het, wat brandoffers gebring het aan die God van Yisra'el: twaalf bulle vir die hele Yisra'el, ses en negentig ramme, sewe en sewentig lammers, twaalf bokramme as 'n sondoffer; dit alles was 'n brandoffer aan יהוה
- 36 en hulle het die wet van die koning aan die koning se prinse oorhandig en aan die goewerneurs wes van die Eufraat en hulle het respek betoon aan die volk en aan die huis van God.
- 9 1 Toe hierdie dinge afgehandel is, het die oudstes na my toe gekom en gesê: “Die volk van Yisra'el, die priesters en die Leviëte het hulle nie afgesonder van die volke van die lande nie en gedoen volgens hulle verwerplikhede; selfs van die Kena'aniete, Hittiete, P'riziete, Y'vusiete, `Ammoniete, Mo'aviete, Mitzrayimiete en Emoriete,

- 2 want hulle het van hulle dogters vir hulself en vir hul seuns gevat sodat die afgesonderde saad hom vermeng het met die volke van die lande en die hande van die oudstes en die Leviëte was eerste in hierdie oortreding. ^{Yeg 44:22}
- 3 Toe ek dit hoor, het ek my klere en my bo-kleed geskeur en die hare uit my kop en my baard uitgepluk en sprakeloos gaan sit.
- 4 Toe het almal wat ywerig toegewyd was aangaande die boodskap van die God van Yisra'el, as gevolg van die oortredinge van die ballinge, by my bymekaargekom en ek het sprakeloos gesit tot die negende uur (die aandoffer) toe.
- 5 Op die negende uur het ek opgestaan uit my smart en met my kleed en my bo-kleed geskeur, het ek op my knieë neergeval en my hande uitgesprei in gebed voor יהוה, my God
- 6 en gesê: "O, my God, ons voel te beskaamd om ons gesigte op te lig na U, ons God, want ons oortredinge is vermenigvuldig oor ons koppe en ons groot sondes het selfs tot by die hemele gekom.
- 7 Sedert die dae van ons vaders tot vandag toe is ons in 'n groot skuld, want ons het meer sondes gedoen, beide ons, ons vaders, ons konings en ons priesters; daarom is ons oorgegee aan die swaard, tot buit, aan gevangenskap en aan verwarring van gesig en in die hande van die konings van die lande en in die hande van ons vyande, soos dit vandag is.
- 8 Nou, vir 'n klein rukkie is onverdiende guns van יהוה, ons God, gewys om aan ons oorgeblewenes te laat en aan ons 'n plek in Sy afgesonderde land te gee sodat ons God ons oë kan verhelder en aan ons 'n bietjie verligting gee in ons slawerny,
- 9 want ons is slawe; tog het ons God ons nie in die steek gelaat in ons slawerny nie, maar Hy het ons onverdiende guns laat vind in die oë van die konings van Perse en vir ons gesorg vandag, om die huis van ons God op te rig en sy puinhope te herstel en ons 'n veilige plek te gee in Y'hudah en in Yerushalayim.
- 10 Ons God, wat sal ons nou na al hierdie dinge sê? Want ons het U opdragte verlaat,
- 11 wat U ons beveel het deur U diensknegte, die profete, deur te sê: 'Die land waar julle ingaan om dit in besit te neem, is 'n onrein land weens die onreinheid van die volke van die lande, met hulle verwerplikhede waarmee hulle dit van die een end tot die ander volgemaak het en met hulle verwerplike dade;
- 12 daarom, moenie julle dogters aan hulle seuns gee nie en vat nie hulle dogters vir julle seuns nie en soek vir ewig ook nie hulle vrede of voorspoed nie sodat julle onveranderlik sterk kan wees en die goeie van die land kan eet en dit aan julle seuns as erfenis kan laat vir ewig. ^{Lev 18:25-27; Deut 7:3}
- 13 Ná al hierdie dinge wat oor ons gekom het vanweë ons bose dade en vir ons groot sondes, het U, ons God, steeds ten doel gehad om ons sondes te vergewe en aan ons oorgeblewenes in die wêreld te gee
- 14 en tog was ons pervers en het U opdragte verbreek en ons met hierdie vuil volke verbind en volgens hulle werke gedoen, maar U is goedgunstig. Wees nie kwaad vir ons nie, maar vergewe ons sondes voor U oë, want U gee liefdevol om. Laat vir ons oorblywendes in die wêreld sodat ons nie sal sterf nie, want daar is niemand soos U nie.

15 O, יהוה, God van Yisra'el, U is regverdig, want U het 'n oorblyfsel van ons gespaar, soos dit vandag is. Let op, ons staan en erken ons sondes voor U, want ons het geen woorde om voor U te praat as gevolg hiervan nie.”

10 1 Terwyl 'Ezra bid, erken en huilend neerval op sy gesig voor die huis van God, kom daar uit Yisra'el 'n baie groot vergadering van manne, vroue en kinders by hom bymekaar, want die volk het aanhoudend gehuil.

2 Sh'khanyah, die seun van Yegi'el, van die seuns van 'Eilam, begin praat en sê vir 'Ezra: “Ons het teen ons God oortree en het vreemde vroue uit die volke van die land gevat. Is daar nou enige hoop vir Yisra'el in hierdie saak?”

3 Laat ons daarom nou 'n verbond met ons God sluit om al die vreemde vroue en hulle wat uit hul gebore is, weg te stuur volgens die raad van יהוה en van hulle wat beweer by die wet van ons God en Sy opdragte; doen dit nou en wees sterk,

4 want hierdie wet is vir julle uitgevaardig en ons staan by julle; wees onveranderlik sterk en doen dit!”

5 Toe het 'Ezra, die skrifgeleerde, opgestaan en die oudstes van die priesters, die Leviëte en die hele Yisra'el laat sweer dat hulle sal doen volgens hierdie opdrag en hulle het gesweer.

6 Toe het 'Ezra, die skrifgeleerde, opgestaan van voor die huis van God en in die kamer van Y'hoganan, die seun van Elyashiv ingegaan en hy het daar gesit, maar geen brood geëet of water gedrink nie, want hy was vol smart vir die oortreding van die mense.

7 Hulle het 'n aankondiging gemaak reg deur Y'hudah en Yerushalayim aan al die ballinge om in Yerushalayim bymekaar te kom

8 en dat aan elkeen wat nie binne drie dae kom nie, gedoen sal word volgens die besluit van die leiers en die oudstes: al sy rykdom kan verbeur word en hy self word uit die volk afgeskei.

9 Toe het al die manne van Y'hudah en Binyamin binne drie dae in Yerushalayim bymekaargekom. Dit was die negende maand, op die tiende van die maand en die hele volk van יהוה het in die straat voor die huis van יהוה vergader en gebewe en geskud as gevolg van hierdie saak.

10 Toe het 'Ezra, die priester, opgestaan en vir hulle gesê: “Julle het oortree teenoor God en vreemde vroue gevat en so die sonde van Yisra'el vermeerder;

11 daarom, erken dit nou aan יהוה, die God van julle vaders en doen Sy wil; sonder julle af van die volke van die land en van die vreemde vroue.”

12 Toe antwoord die hele vergadering en sê hardop: “Jou woorde aangaande ons is goed en ons sal alles aanvaar wat jy aangaande ons sê en dit getrou doen,

13 maar die mense is baie, dit is die reëntyd en ons kan nie in die straat staan nie en dit is ook nie 'n werk vir een of twee dae nie, want ons sondes is baie in hierdie saak.

14 Laat ons oudstes vir die hele vergadering opstaan en laat almal wat in ons stede is, wat vreemde vroue gevat het, op die tyd van gebed kom en saam met hulle die oudstes en die regters van elkeen se stad totdat die woede van ons God oor hierdie saak, van ons weggedraai is.”

- 15 Net Y'honatan, die seun van 'Asah'el en Yagz'yah, die seun van Tikwah, het dit teëgestaan en Meshullam en die Leviet, Shabtai, het hulle ondersteun.
- 16 Die ballinge het so gedoen en 'Ezra, die priester, het tien manne gekies, hoofde van hulle families en hulle is almal by hul naam uitgeroep en hulle het op die eerste dag van die tiende maand gaan sit om die saak te ondersoek.
- 17 Hulle het al die manne wat vreemde vroue gevat het, klaar ondersoek teen die eerste dag van die eerste maand.
- 18 Onder die nageslag van die priesters is sommige gevind wat vreemde vroue gevat het, naamlik, die seuns van Yeshua, die seun van Yotzadak en sy broers: Ma'aseiyah, Eli'ezer, Yariv en G'dalyah
- 19 en ook hulle het toegegee om hulle vroue weg te stuur en hulle het ramme uit die trop geoffer vir hulle sonde.
- 20 Van die seuns van Immer: Hanani en Z'vadyah.
- 21 Van die seuns van Harim: Ma'aseiyah, Elijah, Sh'ma'yah, Yegi'el en 'Uziyah.
- 22 Van die seuns van Pashgur: Elyo'einai, Ma'aseiyah, Yishma'el, N'tan'el, Yozavad en El'asah.
- 23 Van die Leviete: Yozavad, Shim'i, K'layah, K'lita, P'tagyah, Y'hudah en Eli'ezer.
- 24 Van die sangers: Elyashiv.
Van die poortwagters: Shallum, Telem en Uri.
- 25 Ook vanuit Yisra'el, van die seuns van Par'osh: Ramyah, Yizziyah, Malkiyah, Miyamin, El'azar, Malkiyah en B'nayah.
- 26 Van die seuns van 'Eilam: Mattanyah, Z'kharyah, Yegi'el, 'Avdi, Yeremot en Elijah.
- 27 Van die seuns van Zattu: Elyo'einai, Elyashiv, Mattanyah, Yeremot, Zavad en 'Aziza.
- 28 Van die seuns van B'vai: Y'hoganan, Hananyah, Zabbai en 'Atlai.
- 29 Van die seuns van Bani: Meshullam, Mallukh, 'Adayah, Yashuv, Sh'al en Yeremot.
- 30 Van die seuns van Pagat-Mo'av: 'Adna, K'lal, B'nayah, Ma'aseiyah, Mattanyah, B'tzal'el, Binui en M'nasheh.
- 31 Van die seuns van Harim: Eli'ezer, Yishiyah, Malkiyah, Sh'ma'yah, Shim'on,
- 32 Binyamin, Mallukh, Sh'maryah en Semarja.
- 33 Van die seuns van Hashum: Mattnai, Mattatah, Zavad, Elifelet, Yeremai, M'nasheh en Shim'i.
- 34 Van die seuns van Bani: Ma'adai, 'Amram, U'el,
- 35 B'nayah, Bedyah, K'luhu,
- 36 Wanyah, M'remot, Elyashiv,
- 37 Mattanyah, Mattnai, Ya'asai,
- 38 Bani, Binui, Shim'i,
- 39 Shelemyah, Natan, 'Adayah,
- 40 Makhnvdai, Shashai, Sharai,
- 41 'Azar'el, Shelemyah, Sh'maryah,
- 42 Shallum, Amaryah en Yosef.

43 Van die seuns van N'vo: Ye'i'el, Mattitya, Zavad, Z'vina, Yiddu, Yo'el en B'nayah.

44 Hulle almal het vreemde vroue gevat en sommige van hulle het vroue gehad waarby hulle kinders gehad het.

Die sewe en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die elfde boek van die Geskrifte

Negemyah

(Nehemia)

vertrouws. יהוה - נחמיה

Die boek is deur Negemyah geskryf en saamgestel deur
`Ezra, rondom 405-400 voor Yeshua gekom het.

- 1 1 Die woorde van Negemyah, die seun van Hakhalyah: dit het gebeur in die maand Kislev (9^{de} Maand) van die twintigste jaar terwyl ek in Shushan, in die paleis, was,
- 2 dat Hanani, een van my broers, gekom het, hy en sekere manne van Y'hudah en ek het hulle gevra na die Y'hudahiete, die oorgeblewenes wat oorgebly het uit die gevangenskap en ook na Yerushalayim.
- 3 Hierdie manne, vir wie ek gevra het, het vir my gesê: "Die manne wat die gevangenskap vrygespring het, let op, hulle is daar in die stad, dwalend in ellende en in bespotting; die muur van Yerushalayim is ook afgebreek en sy poorte is met vuur verbrand." 2 Kon 25; Yir 52
- 4 Toe ek hierdie woorde hoor, het ek gaan sit en huil en getreur vir baie dae en gevas en gebid voor die Teenwoordigheid van die God van die hemel
- 5 en gesê: "Ek smeeek U, יהוה, God van die hemel, die Magtige, die groot en gevreesde God, wat waarheid en onverdiende guns behou vir hulle wat Hom lief het en Sy opdragte uitvoer,
- 6 laat U oë nou oop wees en U ore luister, om die gebed van U dienskneg, wat ek nou, dag en nag, voor U bid, vir die seuns van Yisra'el, U diensknegte, te hoor en ek erken die sondes van die seuns van Yisra'el wat hulle teen U gesondig het; meer nog, ook ek en my familie het teen U gesondig.
- 7 Ons het nie al die opdragte, of die instellings, of die regverdige oordele wat U aan Mosheh, U dienskneg, beveel het, gehou nie.
- 8 Onthou nou al die opdragte wat U aan Mosheh, U dienskneg, beveel en gesê het: 'As julle oortree teenoor My, sal Ek julle onder die volke verstrooi,
- 9 maar as julle berou het en na My toe terugdraai en My wette onderhou en dit doen, al was julle verstrooides in die verste dele van die hemel, steeds sal Ek julle van daar af bymekaarmaak en julle bring na die plek waar Ek besluit het om My Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig.' Deut 4:25-27; 30:2-4
- 10 Hierdie is U diensknegte en U volk, wat U gered het deur U groot krag en deur U sterk hand.
- 11 O יהוה, ek smeeek U, laat U oor aandag gee aan die gebed van U dienskneg en aan die gebede van U diensknegte, hulle wat hulle verheug daarin om U Naam (Karakter en Outoriteit) respekvul te vrees en ek bid, gee vandag voorspoed aan U dienskneg en gee aan hom onverdiende guns voor die oë van hierdie man." Ek was skinker vir die koning.
- 2 1 Toe het dit gebeur in die maand Nisan (1ste Maand) van die twintigste jaar van Artag'shashta, die koning, dat ek wyn voor die koning bedien het en ek het die wyn opgetel en aan die koning gegee. Ek was nog nooit vroeër bedroef in sy teenwoordigheid nie;
- 2 daarom het die koning vir my gevra: "Waarom is jou voorkoms bedroef, aangesien jy nie siek is nie? Dit is niks anders as hartseer nie." Toe was ek uitermate bang
- 3 en het aan die koning gesê: "Mag die koning vir ewig lewe! Waarom sou my voorkoms nie bedroef wees nie terwyl die hoofstad van die koninkryk van my vaders in puin lê en sy poorte deur vuur verbrand is?"

- 4 Toe vra die koning vir my: “Waarvoor het jy begeer en gebid voor die God van die hemel?”
- 5 Ek het vir die koning gesê: “As dit die koning plesier en as u dienskneg guns in u oë gevind het, stuur my dan na Y’udah, na die stad van Dawid, na my vaders se grafte sodat ek dit kan herbou.”
- 6 Toe vra die koning vir my, met die koningin langs hom: “Hoe lank sal jou reis duur en wanneer sal jy terugkom?” Dit het die koning plesier om my te stuur en hy het vir my ’n tyd bepaal.
- 7 Ek het ook vir die koning gesê: “As dit die koning behaag, kan hulle vir my briewe saamgee aan die goewerneys wes van die Eufraat sodat hulle my mag vergesel totdat ek in Y’udah kom,
- 8 asook ’n brief aan Asaf, opsigter van die koning se woud sodat hy vir my hout mag gee om die balke van die poorte van die tempel, die vesting en die mure van die stad te maak en vir die huis waarin ek sal bly.” Die koning het dit aan my toegestaan volgens die goeie hand van my God oor my.
- 9 Ek het by die goewerneur gekom wes van die Eufraat en die brief van die koning aan hom gegee. Die koning het ’n bevelvoerder van die perderuiters saam met my gestuur,
- 10 maar toe Sanvallat, die Horoniet en Toviyah, die `Ammonitiese kneg, daarvan hoor, dat iemand gekom het om na die welstand van die seuns van Yisra’el om te sien, was dit vir hulle boos.
- 11 Ek het in Yerushalayim gekom en was drie dae daar
- 12 en ek en die manne wat saam met my gekom het, het opgestaan in die nag en ek het niemand vertel wat my God in my verstand, wil en emosie gegee het om in Yerushalayim te doen nie en daar was ook geen dier by my nie, behalwe die dier waarop ek gery het.
- 13 Ek het in die nag by die Valleipoort uitgegaan in die rigting van die Draakfontein en na die Mispoort toe en ek het na die mure van Yerushalayim gekyk wat afgebreek is en sy poorte wat deur vuur verbrand is.
- 14 Toe het ek verder gegaan na die Valleipoort en na die Koning se poel, maar daar was geen plek vir die dier wat ek gery het om verby te gaan nie.
- 15 Toe het ek in die nag in die vallei opgegaan en na die muur gekyk en teruggedraai en ingegaan deur die Valleipoort en so teruggegaan.
- 16 Die outoriteite het nie geweet waar ek heengegaan het en wat ek doen nie en ek het dit ook nog nie vir die Y’udahiete, of die priesters, of die goewerneys, of die skrywers en die ander wat die werk moes doen, vertel nie.
- 17 Toe het ek vir hulle gesê: “Julle sien die benoudheid waarin ons is, want let op, Yerushalayim lê verwoes en sy poorte is met vuur verbrand; kom, laat ons die muur van Yerushalayim bou sodat ons nie langer ’n bespotting sal wees nie.”
- 18 Toe het ek hulle vertel van die hand van my God wat goed was oor my en ook van die woorde van die koning wat hy vir my gesê het. Hulle het gesê: “Laat ons opstaan en bou!” Hulle het hul hande versterk vir hierdie goeie werk,

- 19 maar toe Sanvallat, die Horoniet en Toviyah, die 'Ammonitiese kneg en Geshem, die Arabier, dit hoor, het hulle uit spot vir ons gelag en spottend gesê: "Wat is hierdie ding wat julle doen? Miskien rebelleer julle teen die koning?"
- 20 Toe het ek hulle geantwoord en gesê: "Die God van die hemele, Hy gee aan ons voorspoed en daarom werk ons, staan ons vas en bou, maar julle het geen deel, geen reg en geen herinnering in Yerushalayim nie."
- 3** 1 Toe het Elyashiv, die hoofpriester, saam met sy broers, die priesters, opgestaan en die Skaapspoort gebou; hulle het sy deure ingesit en dit afgesonder, so ver as die toring van die Honderd en hulle het dit afgesonder tot by die toring van Hanan'el.
- 2 Langs hom het die manne van Yerigo gebou en langs hulle het Zakur, die seun van Imri, gebou,
- 3 maar die Vispoort het die seuns van S'na'ah gebou, wat ook sy balke en sy sy-deure, sy sluitbalke en sy grendels opgestel het.
- 4 Langs hulle het M'remot, die seun van Uriyah, die seun van Hakkotz, reggemaak. Langs hulle het Meshullam, die seun van Berekhyah, die seun van Mesheizav'el, reggemaak en langs hulle het Tzadok, die seun van Ba'ana, reggemaak.
- 5 Langs hulle het die Tekoïete reggemaak, maar hulle leiers het hulleself nie belas met die werk van hulle Meester nie.
- 6 Die Tweede (Ou)poort is deur Yoyada, die seun van Paseag en Meshullam, die seun van B'sodyah, reggemaak; hulle het ook die balke daarvan gelê en sy deure en sy sluitbalke en sy grendels ingesit.
- 7 Langs hulle het M'latyah, die Giv'oniet, Yadon, die Meronotiet, die manne van Giv'on en Mitzpah reggemaak. Hulle het ook 'n troon vir die goewerneur van die gebied wes van die Eufraat gemaak.
- 8 Langs hulle het 'Uzi'el, die seun van Harhayah, die goudsmede, reggemaak. Langs hulle het Hananyah, die parfuummakers, reggemaak en hulle het Yerushalayim verlaat toe die muur goed verleng was.
- 9 Langs hulle het Yirmeyahu, die seun van Hur, goewerneur van Yerushalayim reggemaak.
- 10 Langs hulle het Y'da'yah, die seun van Harumaf en die heerser van sy huis reggemaak en langs hom het Hattush, die seun van Hashavn'yah, reggemaak.
- 11 Malkiyah, die seun van Harim en Hashuv, die seun van Pagat-Mo'av, het die ander seksie reggemaak en die toring wat oor was.
- 12 Langs hom het Shallum, die seun van HaLogesh, die heerser van Yerushalayim, reggemaak, hy en sy seuns.
- 13 Die Valleipoort is deur Hanun en die inwoners van Zanoag reggemaak; hulle het dit gebou en sy deure, sy sluitbalke en sy grendels ingesit, asook 'n duisend el van die muur tot by die Mispoort.
- 14 Die Mispoort is deur Malkiyah, die seun van Regav, heerser van Beit-Hakkerem, reggemaak; hy het dit gebou en sy deure, sy sluitbalke en sy grendels ingesit.
- 15 Die Fonteinpoort is deur Shallum, die seun van Kol-Hozeh, heerser van Mitzpah, reggemaak; hy het dit gebou en dit bedek en hy het sy deure, sy sluitbalke en sy grendels ingesit, asook die muur van die poel van Shelag, by die koning se tuin, tot by die trappe wat afloop vanaf die stad van Dawid.

- 16 Ná hom het Negemyah, die seun van Azbuk, heerser van Beit-Tzur, reggemaak tot by die pad wat na die graf van Dawid gaan en tot by die poel wat gemaak is en tot by die huis van die magtiges.
- 17 Ná hom het die Levië, Regum, die seun van Bani, reggemaak en langs hom die heerser van Ke'ilah tot by Hashavyah.
- 18 Ná hom het hulle broers, Bawai, die seun van Henadad, goewerneur van Ke'ilah, reggemaak.
- 19 Langs hom het 'Ezer, die seun van Yeshua, die heerser van Mitzpah, nog 'n seksie reggemaak teen die afgaan na die wapenhuis, by die draai van die muur.
- 20 Ná hom het Barukh, die seun van Zakkai, ywerig onderneem en die ander stuk reggemaak; vanaf die draai van die muur tot by die deur van die huis van die hoofpriester, Elyashiv.
- 21 Ná hom het M'remot, die seun van Uriyah, die seun van Hakkotz, nog 'n stuk, vanaf die deur van die huis van Elyashiv tot by die end van die huis van Elyashiv reggemaak.
- 22 Ná hom het die priesters, die manne van die vlakte, reggemaak.
- 23 Ná hulle het Binyamin en Hashuv, oorkant hulle huis, reggemaak. Ná hulle het 'Azaryah, die seun van Ma'aseiyah, die seun van 'Ananyah, agter sy huis reggemaak.
- 24 Ná hom het Binui, die seun van Henadad, nog 'n stuk reggemaak, vanaf die huis van 'Azaryah tot by die draai van die muur, tot by die hoek.
- 25 Oorkant die hoek het Palal, die seun van Uzai, tot by die draai van die muur en so ver as die toring van die Vlake wat by die boonste deel van die huis van die koning uitsteek, tot by die hof van die tronk, reggemaak. Ná hom het P'dayah, die seun van Par'osh, reggemaak.
- 26 Verder het die tempelknegte, wat in 'Ofel gebly het, reggemaak tot by die Waterpoort, aan die ooste en die toring wat aan die einde lê.
- 27 Ná hulle het die Tekoïete 'n ander seksie reggemaak oorkant die groot toring wat aan die einde lê en sover as die groot muur.
- 28 Die priesters het reggemaak vanaf die ingang van die Perdepoort, elkeen oorkant sy eie huis.
- 29 Ná hulle het Tzadok, die seun van Immer, oorkant sy eie huis reggemaak. Ná hom het Sh'ma'yah, die seun van Sh'khanyah, die bewaker van die Oospoort, reggemaak.
- 30 Ná hom het Hananyah, die seun van Shelemiyah en Hanun, die sesde seun van Tzafai, nog 'n seksie reggemaak. Na hom het Meshullam, die seun van Berekhyah, 'n ander seksie reggemaak.
- 31 Ná hom het Malkiyah, een van die goudsmede, reggemaak tot by die huis van die tempelknegte en die handelaars in kruie-medisyn.
- 32 Oorkant die poort aan die verste end en sover as die afgaan van die hoek wat draai na die Skaapspoort, het die goudsmede en die handelaars in spesery-medisyn reggemaak.

- 4¹ Toe Sanvallat hoor dat ons die muur bou, het hy bedroef en kwaad geword en hy het met die Y'hudahiete gespot
- 2 en hy het voor sy broers en die leër van Shomron gepraat en gesê: “Wat maak hierdie Y'hudahiete? Hulle praat groot. Laat hulle offer en eet op die dag dat hulle hierdie klippe oplig uit die puinhope wat verbrand is.”
- 3 Toviyah, die `Ammoniet, het by hom gestaan en gesê: “Maak nie saak hoeveel hulle bou nie, ek weet, as 'n jakkals daarteen opklim, sal hy hulle klipmuur afbreek!”
- 4 Luister, ons God, want ons het 'n bespotting geword en draai hulle veragting op hulle eie kop terug en gee hulle as 'n prooi in die land van hulle gevangenskap.
- 5 Vergewe nie hulle oortredinge nie en vee nie hulle sonde voor U uit nie, want hulle het U geterg tot woede en het ons bouery teëgestaan,
- 6 maar wat ons betref, ons sal voortgaan om die muur te bou en die mense is besig om dit te bou en die muur is halfpad voltooi, want die mense is gewillig om te werk.
- 7 Toe Sanvallat, Toviyah, die Arabiere, die `Ammoniete en die Asdodiete hoor dat 'n tyd vir die voltooiing van die mure van Yerushalayim vasgestel is en dat die skeure begin om toegemaak te word, was hulle baie omgekrap.
- 8 Hulle het almal saamgesweer om teen Yerushalayim te kom veg en die mense te verhinder om te werk.
- 9 Nogtans het ons ons gebede tot ons God gebid sodat Hy wagters oor ons sou plaas, dag en nag, as gevolg van hulle.
- 10 Die Y'hudahiete het gesê: “Die krag van die lasdraers neem af en daar is baie gemors sodat ons nie die muur kan bou nie.”
- 11 Ons teëstanders het gesê: “Hulle sal niks weet of sien nie totdat ons kom en hulle aanval en doodslaen en hulle werk laat stop.”
- 12 Toe die Y'hudahiete, wat by hulle bly, kom, het hulle vir ons gesê: “Let op, hulle sal tien maal, uit al die plekke waar hulle bly, kom en teen julle veg
- 13 en hulle het reeds gekom en staan agter die muur om teen julle te veg met hulle pyle.” Ek het die mag verdeel volgens hulle families met hul swaarde, hul spiese en hul boë.
- 14 Ek was bang en het opgestaan en aan die edeles, die leiers en die ander mense gesê: “Moenie bang wees vir hulle nie; onthou דָּוִד, wat groot is en respekvol gevrees word en veg vir julle broers, julle seuns, julle dogters, julle vroue en julle huise.”
- 15 Dit het gebeur dat toe ons vyande hoor dat dit aan ons bekend geword het en God hulle plan verydel het, het ons almal teruggegaan na die muur, elkeen na sy werk.
- 16 Van dié dag af aan was die helfte van my diensknegte en die helfte van die mense besig met die werk en die ander helfte van hulle het die spiese, die skilde, die boë en die pantsers vasgehou en die owerstes het agter die Y'hudahiete gestaan.
- 17 Hulle wat laste gedra en gelaai het, het elkeen met een hand aan die werk en met die ander hand 'n wapen vasgehou
- 18 en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe vasgegord en gebou terwyl die ramshoringblaser agter hom gestaan het.
- 19 Ek het aan die edeles, die leiers en die ander mense gesê: “Die werk is groot en uitgestrek en ons is verspreid op die muur, 'n afstand van mekaar af.

- 20 Op watter plek julle die geluid van die ramshoring hoor, daar moet julle na ons toe kom; ons God sal vir ons veg,
- 21 maar wat ons betref, laat ons voortgaan in ons werk en laat die helfte van ons die spiese vashou vanaf die opkoms van die son totdat die sterre verskyn.”
- 22 Ek het ook in daardie tyd aan die volk gesê: “Elkeen moet met sy dienskneg in Yerushalayim se strate oornag en laat hulle dit in die nag en in die dag bewaak sodat die bouers hulle werk kan doen.
- 23 Nie ek, of my broers, of my diensknegte, of die manne van die wag wat my gevolg het, niemand van ons het ons klere uitgetrek nie vir baie volle maande en elkeen het sy plig gedoen.

- 5** 1 Toe was daar 'n groot uitroep van die volk en van hulle vroue teen hulle broers, die Y'udahiete,
- 2 want daar was sommige wat gesê het: “Ons seuns, ons dogters en ons broers is baie; laat ons daarom koring koop sodat ons kan eet en lewe!”
- 3 Daar was ook hulle wat gesê het: “Ons gaan ons lande, ons wingerde en ons huise verpand sodat ons graan kan koop tydens die hongersnood sodat ons kan lewe!”
- 4 Daar was hulle wat gesê het: “Laat ons geld leen van die koning se belasting en ons wingerde en ons lande bewerk sodat ons kan lewe.”
- 5 Daar was ook hulle wat gesê het: “Ons vlees is soos die vlees van ons broers en ons kinders is soos hulle kinders en let op, ons dwing ons seuns en ons dogters om slawe te wees en sommige van ons dogters is reeds slavinne en tog lig hulle nie hul hande in protes voor God nie en ons lande, ons wingerde en ons besittings word vir ander mense gegee.”
- 6 Ek het uitermate sleg gevoel toe ek hulle uitroep en hierdie woorde gehoor het en my binneste was gebroke,
- 7 maar ek was geduldig en het met die edeles en die leiers beraadslaag en vir hulle gesê:
- 8 “Ons koop ons broers van Y'udah vry wat aan die nasies verkoop was, beide hulle en hulle kinders en sal julle selfs 'n man vat as waarborg vir sy broer?” Ek het daarom op hulle geskree en vir hulle gesê: “Sal julle ook julle broers verkoop?” Toe was hulle stil en het my nie geantwoord nie.
- 9 Ek het ook vir hulle gesê: “Dit wat julle doen is nie goed nie, want nou leef julle nie in die respekvolle vrees van ons God nie, want julle tree op soos die nasies wat rondom ons is.
- 10 Ekself, my seuns en my broers sal geld vat en koring koop en die skuld verlig van die armes wat onder ons is.
- 11 Herstel aan hulle, vandag nog, hulle lande, hulle wingerde, hulle olyfboom plantasies en hulle huise en skeld ook vry die geld, die koring, die wyn en die olie skuld aan die res van die mense.”
- 12 Toe het hulle vir my gesê: “Ons sal doen wat jy sê.” Toe het ek die priesters geroep en vir hulle gesê: “Hierdie is die regte ding om te doen” en ek het hulle 'n eed laat neem om volgens hierdie belofte te handel. Ek het dit ook met die seuns van die gewone mense gedoen.

- 13 Ons het ook ons binnesakke uitgeskud en gesê: “Mag God elke man so uitskud uit sy huis en uit sy werk, wat nie hierdie belofte uitvoer nie, net so sal hy uitgeskud en leeg gemaak word.” Al die mense het gesê: “Dit is waar!” Toe het al die mense opgestaan en יהיה geprys en die hele volk het volgens die belofte gehandel.
- 14 Meer nog, vanaf die tyd wat ek aangestel is om goewerneur te wees in die land van Y’hudah, vanaf die twintigste jaar tot die twee en dertigste jaar van koning Artag’shashta, twaalf jaar lank, was ek en my broers leiers oor hulle, maar ek het nooit selfs ’n donkie afgedwing van enige een van hulle of hulle lastig geval nie,
- 15 maar die vorige goewerneurs, wat voor my was, het die volk slawe gemaak en van hulle brood en wyn geneem, behalwe vir die veertig sikkels silwer. Hulle diensknegte het ook geheers oor die volk wat onderworpe was aan en onderdruk is deur hulle, maar ek het dit nie gedoen nie, as gevolg van die respekvolle vrees vir God.
- 16 Ek was ook grootliks besig met die werk aan hierdie muur, het geen grond aangeskaf nie en al my diensknegte was daar bymekaar om toesig te hou oor die werk.
- 17 Meer nog, daar was ’n honderd en vyftig edeles en heersers aan my tafel, behalwe hulle wat na ons gekom het van die nasies wat rondom ons is.
- 18 Die man wat die kos voorberei het, het dit elke dag vir die diensknegte wat kook gebring: een bees, ses vet skape; jaaroue bokke is ook vir ons voorberei en een uit elke tien dae, wyn in oorvloed. Tog het ek nie hiervoor die voorsiening gevra wat die goewerneur toekom nie, want die werk was swaar op hierdie mense.
- 19 O my God, onthou my ten goede, vir alles wat ek vir hierdie volk gedoen het!
- 6** 1 Toe Sanvallat, Toviyah en Geshem, die Arabier en ons ander vyande die nuus hoor dat ek die muur gebou het en dat daar geen opening in oorgebly het nie, alhoewel ons in dié tyd nog nie die deure in die poorte gesit het nie,
- 2 het Sanvallat en Geshem na my gestuur en gesê: “Kom laat ons bymekaarkom as ’n groep in die vlakte van Ono,” maar hulle het gedink om my kwaad aan te doen.
- 3 Ek het ’n boodskapper na hulle gestuur om te sê: “Ek doen ’n groot werk sodat ek nie kan afkom nie, anders gaan die werk staan as ek dit verlaat om na julle toe te kom.”
- 4 Hulle het egter vier keer op dié manier na my toe gestuur en ek het hulle op dieselfde manier geantwoord.
- 5 Toe stuur Sanvallat sy dienskneg op dieselfde manier na my toe vir die vyfde keer met ’n brief in sy hand,
- 6 waarin geskryf was: “Dit word rapporteer onder die nasies en Geshem sê dit, dat jy en die Y’hudahiete daaraan dink om te rebelleer; dit is waarom jy die muur bou sodat jy hulle koning kan wees - volgens hierdie woorde.
- 7 Jy het ook profete aangestel om oor jou in Yerushalayim te profeteer en te sê: ‘Let op, daar is ’n koning in Y’hudah!’ Nou sal dit aan die koning rapporteer word volgens hierdie woorde. Kom nou en laat ons saam beraadslaag!’”
- 8 Toe het ek vir hom gestuur en gesê: “Daar is geen waarheid in die woorde wat jy praat nie; jy praat hulle uit jou eie verstand, wil en emosie,”
- 9 want hulle almal wou ons bang maak en het gesê: “Hulle hande sal swak word van

- die werk.” Hulle sê ook vir ons: “Moenie die werk doen nie.” O God, versterk daarom nou my hande!
- 10 Toe het ek in die huis van Sh'ma'yah, die seun van D'layah, die seun van M'heitav'el gegaan, wat my van werk verhinder het en hy sê vir my: “Laat ons ontmoet in die huis van God, binne-in die tempel en laat ons die deure van die tempel toesluit, want hulle kom om u dood te maak, ja, hulle kom in die nag om u dood te maak.”
- 11 Ek het gesê: “Sal ek, na mense soos jy, vlug? Dit is verwerplik dat ek sou vlug en in die tempel ingaan.”
- 12 Let op, ek het gesien dat God hom nie teen my gestuur het nie en dit is ook nie aan my deur 'n profeet gesê dat hy my sal doodmaak nie, want Toviyah, Sanvallat en hulle vriende het hom gehuur en gestuur om my dood te maak.
- 13 Daarvoor is hy gehuur sodat ek bang sou word, só doen en sondig sodat ek vir hulle 'n bose verslag kon word sodat hulle my kan spot.
- 14 Onthou, o my God, vir Toviyah, Sanvallat en hulle vriende volgens hierdie, hulle bose werke en ook vir No'adyah, die profeet en die ander profete wat my probeer bang maak as gevolg van hulle.
- 15 Die muur is voltooi op die vyf en twintigste dag van Elul (die 6de maand), in twee en vyftig dae.
- 16 Toe al ons vyande dit hoor, was hulle bang en al die nasies wat rondom ons was, het uitermate gebewe oor ons teenwoordigheid, want hulle het gesien dat hierdie werk deur ons God gedoen is.
- 17 In daardie dae het die edeles van Y'hudah ook baie briewe aan Toviyah gestuur en Toviyah se briewe het na hulle toe gekom,
- 18 want daar is baie in Y'hudah wat aan hom gesweer het om hom nie kwaad aan te doen nie omdat hy die skoonseun was van Sh'khanyah, die seun van Arag; sy seun Y'hoganan het die dogter van Meshullam, die seun van Berekhyah, gevat.
- 19 Hulle het ook sy goeie woorde voor my rapporteer en aan hom alles vertel wat ek gesê het. Toviyah het briewe gestuur om my bang te maak.
- 7** 1 Toe die muur gebou is, die deure ingesit is, die deure klaar was en die leiers en die Leviëte aangestel is,
- 2 het ek opdrag gegee aan my broer Hanani en aan Hananyah, die goewerneur van die paleis en van Yerushalayim, want hy was 'n opregte man en het God respekvol gevrees en weggedraai van boosheid af
- 3 en ek het vir hulle gesê: “Moenie die poorte van Yerushalayim oopmaak voordat die son hoog is nie en terwyl die son nog skyn, laat hulle die deure toemaak en grendel en stel wagte aan uit die inwoners van Yerushalayim, elkeen in sy wag en elkeen oorkant sy eie huis.”
- 4 Die stad was groot en wyd, maar daar was min mense in dit en hulle huise was nog nie gebou nie.
- 5 God het dit in my gedagtes geplaas en ek het die edeles en heersers van die volk bymekaar laat kom volgens hulle families en ek het die geslagslys gekry van die wat eerste opgetrek het en ek het gevind dat die name daarin geskryf is.

- 6 Hierdie is die inwoners van die provinsie wat opgetrek het uit die gevangenskap, wat N'vukadnetzar, koning van Bavel, na Bavel weggevoer het en weer na Yerushalayim en Y'hudah teruggekeer het, elkeen na sy eie stad;
- 7 hulle wat saam met Z'rubavel, Yeshua, Negemyah, S'rayah, Re'elyah, Nagmani, Mordekhai, Bilshan, Mispar, Bigwai, Regum en Ba'anah gegaan het. Die aantal manne van die volk van Yisra'el was:
- 8 die seuns van Par'osh, twee duisend een honderd twee en sewentig;
- 9 die seuns van Sh'fatyah, drie duisend twee en sewentig;
- 10 die seuns van Arag, ses honderd twee en vyftig;
- 11 die seuns van Pagat-Mo'av, van die seuns van Yeshua en Yo'av, twee duisend agt honderd en agtien;
- 12 die seuns van 'Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig;
- 13 die seuns van Zattu, agt honderd vyf en vyftig;
- 14 die seuns van Zakkai, sewe honderd en sestig;
- 15 die seuns van Bani, ses honderd agt en veertig;
- 16 die seuns van B'vai, ses honderd agt en twintig;
- 17 die seuns van 'Azgad, twee duisend drie honderd twee en twintig;
- 18 die seuns van Adonikam, ses honderd sewe en sestig;
- 19 die seuns van Bigwai, twee duisend sewe en sestig;
- 20 die seuns van 'Adin, ses honderd vyf en vyftig;
- 21 die seuns van Ater, van Hizkiyahu, agt en negentig;
- 22 die seuns van Hashum, drie honderd agt en twintig;
- 23 die seuns van Betzai, drie honderd vier en twintig;
- 24 die seuns van Yorah, een honderd en twaalf;
- 25 die seuns van Giv'on, vyf en negentig;
- 26 die seuns van Beit-Legem en N'tofah, een honderd agt en tagtig;
- 27 die manne van 'Anatot, honderd agt en twintig;
- 28 die seuns van Beit-'Azmawet, twee en veertig;
- 29 die seuns van Kiryat-'Arim, K'firah en Be'erot, sewe honderd drie en veertig;
- 30 die seuns van Ramah en Geva, sewe honderd een en twintig;
- 31 die manne van Mikhmas, een honderd twee en twintig;
- 32 die manne van Beit-El en 'Ai, een honderd drie en twintig;
- 33 die seuns van N'vo, twee en vyftig;
- 34 die seuns van die ander 'Eilam, een duisend twee honderd vier en vyftig;
- 35 die seuns van Harim, drie honderd en twintig;
- 36 die seuns van Yerigo, drie honderd vyf en veertig;
- 37 die seuns van Lod, Hadid en Ono, sewe honderd een en twintig;
- 38 die seuns van S'na'ah, drie duisend nege honderd en dertig.
- 39 Die priesters:
- die seuns van Y'da'yah, van die huis van Yeshua, nege honderd drie en sewentig;
- 40 die seuns van Immer, een duisend twee en vyftig;
- 41 die seuns van Pash'gur, een duisend twee honderd sewe en veertig;
- 42 die seuns van Harim, een duisend en sewentien.

- 43 Die Leviëte:
die seuns van Yeshua en Kadmi'el, van die seuns van Hodavyah, vier en sewentig.
- 44 Die sangers:
die seuns van Asaf, een honderd agt en veertig.
- 45 Die seuns van die poortwagters:
die seuns van Shallum, die seuns van Ater, die seuns van Talmon, die seuns van
`Akkuv, die seuns van Hatita, die seuns van Shovai, almal saam een honderd agt
en dertig.
- 46 Die tempelbediendes:
die seuns van Tziga, die seuns van Hasufa, die seuns van Tabbat'ot;
- 47 die seuns van Keros, die seuns van Sia'ha, die seuns van Padon;
- 48 die seuns van L'vana, die seuns van Hagavah, die seuns van Salmai;
- 49 die seuns van Hanan, die seuns van Giddel, die seuns van Gagar;
- 50 die seuns van Re'ayah, die seuns van Retzin, die seuns van N'koda;
- 51 die seuns van Gazam, die seuns van `Uza, die seuns van Paseag;
- 52 die seuns van Besai, die seuns van Me'unim, die seuns van N'fusim;
- 53 die seuns van Bakbuk, die seuns van Hakufa, die seuns van Harhur;
- 54 die seuns van Batzlut, die seuns van M'gida, die seuns van Harsha;
- 55 die seuns van Barkos, die seuns van Sisra, die seuns van Temag;
- 56 die seuns van N'tziag, die seuns van Hatifa;
- 57 die seuns van die diensknegte van Shlomo:
die seuns van Sotai, die seuns van Soferet, die seuns van P'ruda;
- 58 die seuns van Ya'alah, die seuns van Darkon, die seuns van Giddel;
- 59 die seuns van Sh'fatyah, die seuns van Hattil, die seuns van Pokheret-Hatzvayim,
die seuns van Ami,
- 60 al die tempelknegte en die seuns van die diensknegte van Shlomo was drie honderd
twee en negentig.
- 61 Hierdie is hulle wat uit Tel-Melag, Tel-Harsha en K'ruv opgetrek het, maar nie
hulle familie en hulle afkoms verseker kon aanwys of hulle vanuit Yisra'el is nie:
- 62 die seuns van D'layah, die seuns van Toviyah en die seuns van N'koda, ses honderd
twee en veertig.
- 63 Van die seuns van die priesters:
die seuns van Havayah, die seuns van Hakkotz, die seuns van Barzillai, wat uit die
dogters van Barzillai, die Gil'adiet, 'n vrou gevat het en na hulle vernoem is.
- 64 Hulle het hul registers gesoek tussen die wat erken is deur hul voorgeslagte, maar
dit is nie gevind nie; daarom is hulle vrygestel van die priesterskap.
- 65 Die leiers van Yisra'el het vir hulle gesê dat hulle nie mag eet van die mees
afgesonderde dinge nie totdat 'n hoofpriester sou opstaan en navraag doen met
urim en tummim.
- 66 Die hele vergadering saam was twee en veertig duisend vier honderd en sewentig,
- 67 behalwe hulle slawe en hulle slavinne, waarvan daar sewe duisend drie honderd
drie en dertig was en hulle wat met sang bedien het, twee honderd vyf en veertig
sangers en sangeresse.
- 68 Hulle kamele was vier honderd vyf en dertig;

- 69 hulle donkies, ses duisend sewe honderd en twintig.
- 70 Sommige van die hoofde van die vaders het vir die werk van die tempel gegee. Die oudstes onder die priesters het aan die skathuis een duisend dragmas goud ($\pm 10\text{kg}$), vyftig bakke en vyf honderd en dertig stelle klere vir die priesters, gegee.
- 71 Sommige van die hoofde van die vaders het aan die skathuis vir die werk twintig duisend dragmas goud ($\pm 195\text{kg}$) en een duisend een honderd mine silwer ($\pm 500\text{kg}$) gegee.
- 72 Dit wat die res van die mense gegee het was twintig duisend dragmas goud ($\pm 195\text{kg}$), twee duisend mine silwer ($\pm 900\text{kg}$) en sewe en sestig stelle klere vir die priesters.
- 73 So het die priesters, die Leviete, die poortwagters, die sangers en sommige van die volk, die tempelknechte en die hele Yisra'el na hulle eie stede teruggekeer en toe die sewende maand (Tishri) aanbreek, was die hele Yisra'el in hulle stede.
- 8** 1 Toe het die hele volk soos een man in die strate voor die Waterpoort bymekaargekom en vir 'Ezra, die skrifgeleerde, gesê om die boek van die wet van Mosheh, wat יְהוָה vir Yisra'el beveel het, te bring.
- 2 'Ezra, die priester, het die boek van die wet voor die vergadering van manne, sowel as vroue en almal wat met begrip kon luister, gebring op die eerste dag van die sewende maand (Tishri).
- 3 Hy het die boek gelees in die straat wat voor die Waterpoort was, vanaf die oggend tot die middag, in die teenwoordigheid van die manne en die vroue en die wat kon verstaan en die ore van die volk was op die wetboek gerig.
- 4 'Ezra, die skrifgeleerde, het op 'n houtplatform gestaan wat hulle gemaak het vir hom om vanaf te praat. Langs hom het Mattityah, Shema, 'Anayah, Uriyah, Hilkiyah en Ma'aseiyah aan sy regterhand gestaan en aan sy linkerhand was P'dayah, Misha'el, Malkiyah, Hashum, Hashbaddanah, Z'kharyah en Meshullam.
- 5 'Ezra het die boek van die wet oopgemaak voor die oë van die hele volk, want hy het bokant die hele volk gestaan en toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan.
- 6 'Ezra het יְהוָה, die groot God, geseën en die hele volk het geantwoord: "Dit is waar, dit is waar" en hulle hande opgelig. Hulle het neergebuig en יְהוָה aanbid met hul gesigte op die grond.
- 7 Yeshua, Bani, Sherevyah, Yamin, 'Akkuv, Shabtai, Hadiyah, Ma'aseiyah, K'lita, 'Azaryah, Yozavad, Hanan, P'layah en die Leviete het ook die volk bedien en die wet verduidelik en die volk het op hulle plek bly staan.
- 8 Hulle het duidelik uit die boek van die wet van God gelees en die betekenis gegee sodat hulle verstaan het wat gelees is.
- 9 Negemyah, die goewerneur, 'Ezra, die priester en skrifgeleerde en die Leviete wat die volk bedien het, het vir die hele volk gesê: "Hierdie dag is afgesonderd vir יְהוָה julle God; moenie treur of huil nie," want die hele volk het gehuil toe hulle die woorde van die wet hoor.
- 10 Toe sê hy vir hulle: "Gaan, eet en drink en stuur porsies aan hulle vir wie niks voorberei is nie, want hierdie dag is afgesonderd vir יְהוָה. Moenie treurig wees nie, want hierdie is 'n dag van die blydskap van יְהוָה, Hy is julle Sterkte." Hav 3:19; 2 Kor 3:5; 13:4

- 11 Die Leviete het die hele volk tot bedaring gebring en gesê: “Wees stil en moenie huil nie, want hierdie dag is afgesonderd.”
- 12 Toe het die hele volk weggegaan om te eet en te drink en porsies te stuur en groot vreugde te hê, want hulle het die boodskappe verstaan wat vir hulle gebring is.
- 13 Op die tweede dag het die hoofde van die vaders van die hele volk, die priesters en die Leviete by 'Ezra, die skrifgeleerde, bymekaargekom om van hom die woorde van die wet te verstaan
- 14 en hulle het in die wet wat יהוה deur Mosheh beveel het, geskryf gevind dat die seuns van Yisra'el op die fees in die sewende maand (Tishri) in hutte moet bly
- 15 en dat hulle alles moes hoor, luister en doen wat Mosheh in die boek van die wet geskryf het. Die boodskappers het in al die stede en in Yerushalayim verkondig en gesê: “Gaan op in die berge en bring olyftakke, okkerneuthouttakke, palmtakke, takke van sitroenbome en wilgertakke en maak hutte soos geskrywe is in die boek van die wet van Mosheh.” Lev 23:40
- 16 Die volk het gegaan en dit gebring en vir hulle hutte gemaak, elkeen op sy dak en op hulle erwe en op die grond van die huis van God en op die plein van die Waterpoort en op die straat van die Efraimspoort.
- 17 Al die mense wat uit die gevangenskap teruggekom het, het hutte gemaak en in die hutte gebly, want vanaf die dae van Y'hoshua, die seun van Nun, tot op daardie dag het die seuns van Yisra'el dit nie gedoen nie en daar was baie groot blydskap.
- 18 Hulle het ook dag vir dag, van die eerste dag af tot die laaste dag toe, gelees uit die boek van die wet van יהוה en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag was 'n ernstige byeenkoms, volgens wat geskryf is.
- 9** 1 Op die vier en twintigste dag van hierdie maand het die seuns van Yisra'el vergader en gevas in rouklere en met grond op hulle koppe
- 2 en die seuns van Yisra'el het hulleself afgesonder van al die ander nasies en het gestaan en hulle sondes erken en die sondes van hulle vaders.
- 3 Hulle het op hulle plekke opgestaan en vir 'n kwart deel van die dag gelees uit die wetboek van יהוה, hulle God en nog 'n kwart deel van die dag erkenning gedoen en יהוה, hulle God, aanbid.
- 4 Toe het die leiers van die Leviete: Yeshua, Kadmi'el, Bani, Hashavn'yah, Sherevyah, Hadiyah, Sh'vanyah en P'tagyah opgestaan en met 'n harde stem voor יהוה, hulle God, gebid.
- 5 Die Leviete: Yeshua, Kadmi'el, Bani, Hashavn'yah, Sherevyah, Hadiyah, Sh'vanyah en P'tagyah het gesê: “Staan op en praat goed van יהוה, julle God, vir ewig en ewig en geseënd is U wonderlike Naam (Karakter en Outoriteit), wat verhewe is bo alle skepping en lofprysing!
- 6 U alleen is יהוה, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërmagte, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is, gemaak en U hou dit alles in stand; die leërmag van die hemel val voor U neer.” Ps 146:6; Open 10:6
- 7 U is יהוה, die God wat Avram gekies het en hom uit Ur van die Kasdeërs uitgebring het en sy naam verander het na Avraham;

- 8 wat sy verstand, wil en emosie suiwer voor U gevind het en 'n verbond met hom gesluit het om die land van die Kena'aniete, Hittiete, Emoriete, P'riziete, Y'vusiete en Girgashiete, aan hom te gee, om aan sy nageslag te gee en U het U woorde tot hom uitgevoer, want U is regverdig.
- 9 U het die benoudheid van ons vaders in Mitzrayim gesien en hulle uitroep by die Sufsee gehoor
- 10 en tekens en wonders aan Farao, aan al sy diensknegte en aan al die mense van die land gedoen, want U het geweet dat hulle verkeerd gedoen het teen U volk. So het U vir U 'n Naam gemaak, soos dit vandag is.
- 11 U het 'n pad voor hulle oopgemaak in die see sodat hulle op droë grond dwarsdeur die see getrek het en U het hulle vervolgers in die diepte van die see gegooi, soos 'n klip wat sink in die magtige waters.
- 12 Verder het U hulle ook gelei met 'n wolkpilaar bedags en met 'n vuurpilaar snags om vir hulle lig te gee op die pad waar hulle moes gaan.
- 13 U het ook afgekom op die berg Sinai en met hulle gepraat vanuit die hemel en aan hulle die regverdige oordele, wette van waarheid, goeie instellings en opdragte gegee.
- 14 U het aan hulle U afgesonderde Shabbat bekend gemaak, asook opdragte, instellings en wette, wat U deur U dienskneg Mosheh beveel het.
- 15 U het vir hulle brood gegee uit die hemel vir hulle honger ^{Yog 6:31} en water uit 'n rots laat uitkom vir hulle dors en aan hulle belowe dat hulle sou ingaan en die land in besit neem wat U hand met 'n eed aan hulle belowe het,
- 16 maar hulle en hulle vaders het boos opgetree en was hardkoppig en het nie na U opdragte geluister en dit gedoen nie.
- 17 Hulle het geweier om gehoorsaam te wees en ook nie gedink aan U wonders wat U tussen hulle gedoen het nie, maar het hulle verstand wil en emosie na hulle bose dade gedraai. Tog is U 'n God wat gereed is om vry te spreek, vol omgee en onverdiende guns, stadig om kwaad te word en gereed om na versoeke te luister en U het hulle nie verlaat nie. ^{Eks 34:6; Num 14:18; Yo' 2:13; Yon 4:2; Ps 145:8}
- 18 Ja, toe hulle 'n gegote kalf vir hulleself gemaak en gesê het: "Hierdie is jou god, o Yisra'el wat jou uit Mitzrayim laat optrek het" en hulle groot boosheid gedoen het,
- 19 het U in U grote omgee hulle nie verlaat in die wildernis nie; die wolkpilaar het nie bedags van hulle gewyk om hulle op hul reis te lei nie en ook nie die vuurpilaar snags om vir hulle die pad te verlig waarop hulle moes gaan nie.
- 20 U het U goeie Gees vir hulle gegee om hulle te onderrig en nie 'man hu' van hulle monde teruggehou nie en vir hulle water gegee vir hulle dors.
- 21 Ja, vir veertig jaar lank het U hulle onderhou in die wildernis en hulle het aan niks gebrek gehad nie. Hulle klere het nie verslyt nie en hulle skoene het geen gate in gehad nie.
- 22 Verder het U aan hulle die koninkryke van die ander nasies gegee en die land onder elke man verdeel. Hulle het die land van Sigon en die land van die koning van Heshbon, die land van Og, koning van Bashan, in besit geneem.

- 23 U het hulle kinders vermenigvuldig soos die sterre aan die hemel en U het hulle in die land ingebring waarvan U aan hulle vaders belowe het dat hulle sou ingaan om dit in besit te neem.
- 24 Hulle seuns het ingegaan en die land in besit geneem en U het die inwoners van die land van die Kena'aniete voor hulle verslaan en hulle in hul hand oorgegee met hulle konings sowel as die mense van die land, om met hulle te doen soos hulle wou.
- 25 Hulle het versterkte stede en 'n vrugbare land ingeneem, huise besit vol allerhande goeie dinge, uitgegroude putte, wingerde en olyfbome en vrugtebome in oorvloed. Hulle het geëet en is versadig en het ryk geword en hulle verheug in U groot goedheid.
- 26 Nogtans was hulle ongehoorsaam en het teen U oortree en U wet uit hulle raadgewings gegooi en U profete doodgemaak wat hulle gewaarsku het om na U terug te draai en hulle het groot boosheid gedoen;
- 27 daarom het U hulle oorgegee in die hand van hulle teëstanders, wat hulle onderdruk het en in die tyd van hulle onderdrukking, toe hulle tot U gebid het, het U uit die hemel gehoor en in U grote omgee aan hulle 'n verlosser gegee wat hulle gered het uit die hand van hul vyande.
- 28 Nadat hulle egter rus gehad het, het hulle weer boosheid gedoen voor U; daarom het U hulle gelos in die hand van hul vyande sodat dié heerskappy oor hulle gehad het. Tog, wanneer hulle teruggekeer en voor U gebid het, het U hulle vanuit die hemel gehoor en hulle baie keer volgens U groot omgee gered.
- 29 U het teenoor hulle getuig dat U hulle weer na U wet toe sal terugbring; tog het hulle verkeerd gedoen en nie U opdragte uitgevoer nie, maar gesondig teen U regverdige oordele, (waardeur 'n man sal lewe as hy hulle gehoorsaam), teen U ooreengekom, hardnekkig geword en hulle wou nie luister nie.
- 30 Tog het U hulle baie jare verdra en teenoor hulle getuig deur die Gees, deur middel van U profete, tog wou hulle nie gehoorsaam nie; daarom het U hulle oorgegee in die hand van die ander nasies.
- 31 Nogtans, as gevolg van U groot omgee, het U hulle nie volkome vernietig of hulle verlaat nie, want U is 'n God van onverdiende guns en omgee; ^{Num 14:18}
- 32 daarom nou, ons God, die groot, die magtige en die afgesonderde God, wat verbond en waarheid onderhou, laat al die swaarkry wat oor ons, oor ons konings, oor ons prinse, oor ons priesters, oor ons profete, oor ons vaders en oor U hele volk gekom het vanaf die dae van die konings van Ashur tot vandag toe, nie verborge wees vir U nie.
- 33 Nogtans is U regverdig in alles wat oor ons gekom het, want U het reg gedoen, maar ons het boos gedoen.
- 34 Ons konings, ons prinse, ons priesters en ons vaders het ook nie U wet nagekom, of geluister na U opdragte en U getuienis, waarmee U teen hulle getuig het, nie.
- 35 Hulle het U koninkryk en U groot seën afgesweer wat U aan hulle gegee het, asook die goeie en vrugbare land wat U aan hulle gegee het. Hulle het U ook nie gedien of weggedraai van hulle bose werke nie;

36 daarom is ons vandag slawe en wat die land betref wat U aan ons vaders gegee het om van sy vrug en goeie dinge te eet, let op, ons is slawe daarin.

37 Sy opbrengs word gevat deur die konings wat U oor ons aangestel het as gevolg van ons sondes; hulle het ook heerskappy oor ons liggame en oor ons vee volgens hulle plesier en ons leef in 'n groot onderdrukking.” ^{Yog 8:33}

38 As gevolg van al hierdie dinge, sluit ons 'n vaste verbond en het getuienis oor die seël: ons oudstes, ons Leviete, ons priesters en almal van ons wat gespaar is.

10 1 Hulle wat 'n eed geneem en dit verseël het, was: Negemyah, die goewerneur, die seun van Hakhalyah, Tzedekyah,

2 S'rayah, 'Azaryah, Yirmeyah,

3 Pash'gur, Amaryah, Malkiyah,

4 Hattush, Sh'vanyah, Mallukh,

5 Harim, M'remot, 'Ovadyah,

6 Dani'el, Ginton, Barukh,

7 Meshullam, Aviyah, Miyamin,

8 Ma'azyah, Bilgai, Sh'ma'yah; dit was die priesters.

9 Die Leviete was: Yeshua, die seun van Azanyah, Binui van die seuns van Henadad, Kadmi'el

10 en hulle broers: Sh'vanyah, Hodiyah, K'lita, P'layah, Hanan,

11 Mikha, Regov, Hashavyah,

12 Zakur, Sherevyah, Sh'vanyah,

13 Hodiyah en die seuns van Bani.

14 Die leiers van die volk: Par'osh, Pagat-Mo'av, 'Eilam, Zattu,

15 die seuns van 'Azgad, die seuns van Adoniyah

16 Bigwai, 'Adin,

17 Ater, Hizkiyahu, 'Azzur,

18 Hodiyah, Hashum, Betzai,

19 Garif, 'Anatot, Neivai,

20 Magpi'ash, Meshullam, Hezir,

21 Mesheizav'el, Tzadok, Yadua,

22 P'latyah, Hanan, 'Anayah,

23 Hoshea, Hananyah, Hashuv,

24 HaLogesh, Pilga, Shovek,

25 Regum, Hashavnah, Ma'aseiyah,

26 Agiyah, Hanan, 'Anan,

27 Mallukh, Harim, Ba'anah.

28 Die res van die volk, die priesters, die Leviete, die poortwagters, die sangers, die tempelknegte en almal van die volke van die lande wat hulleself afgesonder het om terug te keer na die wet van God, hulle, sowel as hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters en almal wat kennis en begrip het,

29 het hulle broers en hul naaste versterk en 'n eed gesweer en 'n verbond aangegaan om in God se wet te leef, wat Hy deur Mosheh, die dienskneg van God, gegee het en om al die opdragte van יהוה, ons Meester en Sy regverdige oordele en instellings te bewaar en te doen;

- 30 dat ons nie ons dogters aan die mense van die land sou gee nie en ook nie hulle dogters vir ons seuns vat nie; ^{Gen 24:37-38,44; Deut 7:3}
- 31 as die volke van die land koopware of voorsiening bring om op die Shabbatdag te verkoop, sal ons dit nie van hulle koop nie en wie ook al sy dier op die Shabbat sal laat werk, sal nie gehuur word nie; ook mag hy nie 'n vraag op die Shabbatdag dra nie, want dit is afgesonderd ^{Yir 17:27; Neg 13:15-22} en in die sewende jaar sal ons alle skuld wat aan ons verskuldig is, afskryf.
- 32 Ons bevestig ook oor onself die opdrag, om 'n derde van 'n sikkkel op die Shabbat te gee vir die werk van die huis van ons God,
- 33 vir die brode van die Teenwoordigheid, die voortdurende graanoffer en die voortdurende brandoffers van die Shabbatte, van die Nuwemane, die feeste en vir die afgesonderde dinge en vir die sondoffers om vir Yisra'el toedekking te doen en vir al die werk in die huis van ons God
- 34 en hulle het die lot gewerp tussen die priesters, die Leviëte en die volk vir die lewering van hout, om dit in die huis van יהוה, ons God, te bring, soos dit in die boek van die wet geskryf is;
- 35 om die eersteling van ons grond en die eersteling van al die vrugtebome jaar na jaar na die huis van יהוה te bring;
- 36 ook die eersgeborenes van ons seuns en ons beeste, soos dit geskryf is in die wet van יהוה en die eersteling van ons troppe en ons kleinvee te bring na die huis van ons God, na die priesters wat diens doen in die huis van ons God;
- 37 om die eersteling van ons deeg, ons parskuip en van die vrugte van alle soorte bome, van wyn en van olie, te bring na die priesters wat bedien voor ons God en die tiendes van ons grond aan die Leviëte sodat die Leviëte die tiendes mag vat vanaf al die landelike dorpe.
- 38 Die priester, die seun van Aharon, moet ingesluit word by die Leviëte in die verdeling van hulle tiendes en die Leviëte moet 'n tiende van die tiendes na die huis van ons God bring, na die stoorkamers in die skathuis,
- 39 want die seuns van Yisra'el en die seuns van Levi sal die offers van graan, die wyn en olie bring na die stoorkamers waar die artikels van die Afgesonderde Plek is en die priesters, die Leviëte, die poortwagters en die wagte sal nie die huis van ons God in die steek laat nie. ^{Num 18:26-28}
- 11** 1 Laat die leiers van die volk in Yerushalayim bly en die res van die volk moet die lot werp om een uit tien te bring om in Yerushalayim, die afgesonderde stad, te bly en die oorblywende nege in die stede.
- 2 Die volk het al die manne geseën wat hulle vrywillig aangebied het om in Yerushalayim te bly.
- 3 Hierdie is die hoofde van die provinsie wat in Yerushalayim gebly het en in die stede van Y'hudah. Elkeen het in sy eie besitting in hulle stede in Yisra'el gebly, saam met die priesters, die Leviëte en sommige van die mense, asook die nageslag van Shlomo se diensknegte wat in Yerushalayim gebly het;

- 4 ook nog sommige van die seuns van Y'hudah en van die seuns van Binyamin. Van die seuns van Y'hudah: 'Atayah, die seun van 'Uziah, die seun van Z'kharyah, die seun van Amaryah, die seun van Sh'fatyah, die seun van Mahalal'el; van die nageslag van Peretz:
- 5 Ma'aseiyah, die seun van Barukh, die seun van Kol-Hozeh, die seun van Hazayah, die seun van 'Adayah, die seun van Yoyariv, die seun van Z'kharyah, die seun van Shelah.
- 6 Al die nageslag van Peretz wat in Yerushalayim gebly het, was vier honderd agt en sestig, dapper manne.
- 7 Hierdie is die nageslag van Binyamin: Sallu, die seun van Meshullam, die seun van Yo'ed, die seun van P'dayah, die seun van Kolayah, die seun van Ma'aseiyah, die seun van Iti'el, die seun van Yesha'yah
- 8 en ná hom was nege honderd agt en twintig ander.
- 9 Yo'el, die seun van Zikhri, was opsigter oor hulle en Y'hudah, die seun van Hasnu'ah, was tweede oor die stad.
- 10 Van die priesters: Y'da'yah, die seun van Yoyariv,
- 11 S'rayah, die seun van Hilkiyah, die seun van Meshullam, die seun van Tzadok, die seun van M'rayot, die seun van Agituv, die leier oor die huis van God.
- 12 Hulle broers wat die werk in die tempel gedoen het, was agt honderd twee en twintig en 'Adayah, die seun van Yerogam, die seun van P'lalyah, die seun van Amtzi, die seun van Z'kharyah, die seun van Pash'gur, die seun van Malkiyah,
- 13 en hulle broers, hoofde van die vaders, was twee honderd twee en veertig; 'Amash'sai, die seun van 'Azar'el, die seun van Agzai, die seun van Meshillemot, die seun van Immer
- 14 en hulle broers, magtige dapper helde, was honderd agt en twintig en hulle opsigter was Zavdi'el, die seun van een van die groot manne.
- 15 Van die Leviete: Sh'ma'yah, die seun van Hashuv, die seun van 'Azrikam, die seun van Hashavyah, die seun van Bunni, die seun van Shabtai.
- 16 Yozavad was oor die buitewerk van die huis van God.
- 17 Die hoofde van die Leviete: Mattanyah, die seun van Mikhah, die seun van Zavdi, die seun van Asaf, die leier onder die Y'hudahiete om die danksegging in gebed te begin en Bakbukyah, die tweede in rang tussen sy broers en 'Avda, die seun van Shamua, die seun van Galal, die seun van Y'dutun.
- 18 Al die Leviete in die afgesonderde stad was twee honderd vier en tagtig.
- 19 Verder die poortwagters: 'Akkuv, Talmon en hulle broers wat wag gehou het by die poorte, was een honderd twee en sewentig.
- 20 Die res van Yisra'el, van die priesters en Leviete, was in al die stede van Y'hudah, elkeen in sy erfdeel
- 21 en hulle diensknegte het elkeen in beheer van sy werk en sy ploeg tot rus gekom.
- 22 Die toesighouer van die Leviete in Yerushalayim, wat bedien het oor die werk van die huis van God, was 'Uzi, die seun van Bani, die seun van Hashavyah, die seun van Mattanyah, die seun van Mikhah, van die nageslag van Asaf, die sangers,
- 23 want daar was 'n bevel van die koning aangaande hulle en 'n verklaring aangaande die sangers, daagliks.

- 24 P'tagyah, die seun van Mesheizav'el, van die nageslag van Zerag, die seun van Y'hudah, was in bevel van wat ook al die koning beveel het, aangaande elke persoon en oor die tel van die mense
- 25 en oor hulle toesighouers, hulle dorpies en hulle lande. Sommige van die seuns van Y'hudah het in Kiryat-Arba en sy dorpies gebly, in Divon en sy dorpies, in Y'kabze'el en sy dorpies,
- 26 in Y'shua, in Moladah, in Beit-Pelet,
- 27 in Hatzar-Shu'al, in Be'er-Sh'va en in hulle dorpies,
- 28 in Ziklag, in M'khonah en sy dorpies,
- 29 in 'Ein-Rimmon, in Tzor'ah, in Yarmut,
- 30 Zanoag, Adullam en hulle dorpies, Lakhish en sy buiteveld, 'Azekah en sy dorpies en hulle het gebly vanaf Be'er-Sh'va, sover as tot by die Hinnomvallei.
- 31 Die seuns van Binyamin het gebly vanaf Geva in Mikhmas, 'Ai, Beit-El en hulle dorpies,
- 32 in 'Anatot, Nov, Ananyah,
- 33 Hatzor, Ramah, Gittayim,
- 34 Hadid, Tzvo'im, N'valat,
- 35 Lud, Ono en in Gei-Harashim.
- 36 Daar was afdelings van die Leviete in Y'hudah en in Binyamin.

- 12** 1 Hierdie is die priesters en die Leviete wat saam met Z'rubavel, die seun van Sh'alti'el en Yeshua opgekom het: S'rayah, Yirmeyah, 'Ezra,
- 2 Amaryah, Mallukh, Hattush,
- 3 Sh'khanyah, Regum, M'remot,
- 4 'Iddo, Ginnetoi, Agiyah,
- 5 Miyamin, Ma'adiyah, Bilgah,
- 6 Sh'm'yah, Yoyariv, Y'da'yah,
- 7 Salu, 'Amok, Hilkiyah en Y'da'yah. Hierdie was die hoofde van die priesters en van hulle broers in die dae van Yeshua.
- 8 Verder, die Leviete: Yeshua en sy seuns, Kadmi'el, Sherevyah, Y'hudah, Mattanyah wat met sy broers in beheer was om die danksegging te begin.
- 9 Bakkukyah en 'Unni, hulle broers, was oorkant hulle in die beurte.
- 10 Yeshua was die vader van Yoyakim en Yoyakim was die vader van Elyashiv en Elyashiv was die vader van Yoyada,
- 11 Yoyada was die vader van Y'honatan en Y'honatan die vader van Yadua.
- 12 Die priesterlike hoofde van die vaders in die dae van Yoyakim was: S'rayah, M'rayah, Yirmeyah, Hananyah,
- 13 'Ezra, Meshullam, Amaryah, Y'hoganan,
- 14 M'likhu, Y'honatan, Sh'vanyah, Yosef,
- 15 Harim, 'Adna, M'rajot, Helkai,
- 16 'Iddo, Z'kharyah, Ginton, Meshullam,
- 17 Agiyah, Zikhri, Minyamin, Mo'adyah, Piltai,
- 18 Bilga, Shamua, Sh'ma'yah, Y'honatan,
- 19 Yoyari, Matnai, Y'da'yah, 'Uzi,

- 20 Sallai, Kallai, `Amok, `Ever,
 21 Hilkiyah, Hashavyah, Y'da'yah en N'tan'el.
 22 Wat die Leviëte betref, in die dae van Elyashiv, Yoyada, Yoganan en Yadua is die hoofde van die vaders opgeskryf, asook die priesters tot by die regering van Daryavesh, die Persiër.
 23 Die nageslag van Levi, die hoofde van die vaders, is opgeskryf in die boekrol van die kronieke tot by die dae van Yoganan, die seun van Elyashiv.
 24 Die leiers van die Leviëte was: Hashavyah, Sherevyah en Yeshua, die seun van Kadmi'el, met hulle broers oorkant hulle om te lofprys en te dank, volgens die bevel van Dawid, profeet van יהוה, wagbeurt oorkant wagbeurt:
 25 Mattanyah, Bakbukyah en `Ovadyah. Meshullam, Talmon en `Akkuv was poortwagters wat wag gehou het by die poorte.
 26 Hulle was in die dae van Yoyakim, die seun van Yeshua, die seun van Yotzadak, in die dae van Negemyah, die goewerneur en van `Ezra, die priester en skrifgeleerde.
 27 Toe die muur van Yerushalayim klaar was, het hulle die Leviëte bymekaargemaak in al hulle plekke, om hulle na Yerushalayim te bring om die inwyding met vreugde en lofliedere met uitgestrekte hande, met gesang, simbale en harpe te vier.
 28 Die seuns van die sangers het hulleself bymekaargemaak vanuit die streek rondom Yerushalayim sowel as uit die dorpe van die N'tofatiete,
 29 uit Beit-Gilgal en uit die vallei van Geva en `Azmavet, want die sangers het vir hulle dorpies rondom Yerushalayim gebou.
 30 Die priesters en die Leviëte het hulleself gereinig en die volk, die poorte en die muur gereinig. ^{Yeg 43-46}
 31 Ek het die leiers van Y'hudah bo-op die muur laat klim en twee groot groepe aangestel en hulle het op die muur geloop na die regterkant van die groot poort toe
 32 en voor hulle het Hosha'yah en die helfte van die leiers van Y'hudah geloop,
 33 met `Azaryah, `Ezra, Meshullam,
 34 Y'hudah, Binyamin, Sh'ma'yah, Yirmeyah
 35 en van die seuns van die priesters met trompette: Z'kharyah, die seun van Y'honatan, die seun van Sh'ma'yah, die seun van Mattanyah, die seun van Mikhayah, die seun van Sakkur, die seun van Asaf
 36 en sy broers, Sh'ma'yah, `Azar'el, Milalai, Gilalai, Ma'ai, N'tan'el, Y'hudah en Hanani, met die musiekinstrumente van Dawid, die profeet <sup>Hand 2:30</sup> en dienskneg van יהוה; `Ezra, die skrifgeleerde, het voor hulle uitgegaan, bokant die Fonteinpoort
 37 en oorkant die poort het hulle opgegaan met die trappe van die Dawidstad, by die opgaan van die muur, bokant die huis van Dawid, tot by die groot poort aan die ooste.
 38 Hulle het die hande uitgesteek in dank en opgegaan met die muur en ek agter hulle. Die helfte van die mense het op die muur opgegaan en by die groot toring gestaan, op die hoë muur tot by die breë muur
 39 en van bokant die Efraimspoort, sover as die Oupoort tot die Vispoort en vanaf die toring van Hanan'el tot by die groot toring, selfs tot by die Skaapspoort en bly staan by die Grootpoort.

- 40 Toe het die twee groepe wat dank gegee het, die huis van God ingegaan, saam met my en die helfte van die leiers saam met my,
- 41 saam met die priesters: Elyakim, Ma'aseiyah, Minyamin, Mikhayah, Elyo'einai, Z'kharyah en Hananyah;
- 42 en hulle met trompette: Ma'aseiyah, Sh'ma'yah, El'azar, `Uzi, Y'hoganan, Malkiyah, `Eilam en `Ezer, met die sangers, Shamua en Yizragyah, die leier.
- 43 Hulle het ook op daardie dag groot offers gebring en hulle verheug, want יהיה het hulle laat bly wees met groot vreugde; ook die vroue en kinders het hulle verbly sodat die vreugde van Yerushalayim selfs ver weg gehoor kon word.
- 44 Op dié dag is sekere manne aangestel oor die kamers van die koning se stoorkamers, om die offergawes, die eerstelinge en die tiendes van die dorpe daarin bymekaar te maak, soos dit geskryf is in die boek van die wet, vir die priesters en die Leviëte omdat die Y'hudahiete hulle verheug het omdat die priesters en die Leviëte opgestaan en gewaak het in die huis van hulle God.
- 45 Hulle wat in beheer was van die reinigings seremonie, die sangers en die poortwagters, het gedien volgens die opdrag van Dawid en sy seun, Shlomo,
- 46 want in die dae van Dawid was Asaf in beheer en hy het voor die sangers opgestaan en lofprysinge gesing en dank aan God, met hande uitgestrek, gebring.
- 47 Die hele Yisra'el het in die dae van Z'rubavel en in die dae van Negemyah geskenke aan die sangers en die poortwagters gegee, elke dag, sy deel en afgesonderde dinge opsy gesit vir die Leviëte en die Leviëte het dit opsy gesit vir die seuns van Aharon.

- 13** 1 Op daardie dag, toe die boekrol van die wet van Mosheh ten aanhore van die volk voorgelees is, is daarin gevind dat daar geskryf is dat die `Ammoniet en die Mo'aviet vir ewigheid nooit die vergadering van God mag inkom nie ^{Deut 23:3,4}
- 2 omdat hulle nie die seuns van Yisra'el met brood en water ontmoet het nie, maar vir Bil'am gehuur het om hulle te vervloek, maar ons God het sy vloekte in seëninge verander.
- 3 Toe hulle die woorde van die wet hoor, het hulle al die gemengde menigte uit Yisra'el afgesonder.
- 4 Voor dit het Elyashiv, die priester, gekom en vir Toviyah 'n groot vertrek gebou,
- 5 waar hulle vroeër die graanoffers, die wierook en die houers wat die tiendes graan bevat, die wyn en olie, wat beveel was om aan die Leviëte, die sangers en die poortwagters gegee te word en die offers vir die priesters, gesit het.
- 6 Terwyl hierdie dinge gebeur het, was ek nie in Yerushalayim nie, want in die twee en dertigste jaar van Artag'shashta, koning van Bavel, het ek na die koning gegaan en ná sekere dae het ek toestemming van die koning gevra
- 7 en na Yerushalayim gekom en die boosheid gehoor wat Elyashiv gedoen het, deur vir Toviyah 'n kamer in die hof van die huis van God in te rig.
- 8 Dit het my uitermate ontstel; ek het Toviyah se huisraad dus op die straat uitgegooi, buite die hof.
- 9 Toe het ek beveel en hulle het die vertrek gereinig en ek het die houers van die huis van God, die graanoffer en die wierook daarin teruggebring.

- 10 Ek het ook gehoor dat die Leviëte se deel nie aan hulle gegee is nie en dat die Leviëte, die sangers en die wat die dienswerk verrig, elkeen na sy grond toe gevlug het.
- 11 Toe het ek met die leiers getwis en gesê: “Waarom is die huis van God verwaarloos?” Ek het hulle bymekaar laat kom en hulle op hulle plek gesit.
- 12 Toe het al die Y’udahiete die tiendes van graan, wyn en olie na die stoorkamers gebring.
- 13 Ek het Shelemyah, die priester, Tzadok, die skrywer en P’dayah, uit die Leviëte, oor die skatkamers aangestel en saam met hulle: Hanan, die seun van Zakur, die seun van Mattanyah omdat hulle getrou geag is en hulle is deur die lot verkies om leiers te wees oor hulle broers.
- 14 Onthou my, my God, aangaande hierdie en moenie my goeie daade wat ek vir die huis van my God en sy instellings gedoen het, uitwis nie.
- 15 In daardie dae het ek in Y’udah hoofpaaie vol verkeer gesien op die Shabbat en mense wat donkies met vrage gelaai bring, asook vrage van wyn, druiwe, vye en allerhande vrage goed wat hulle op die Shabbat in Yerushalayim inbring. Ek het teen hulle getuig dat hulle nie voorsiening mag verkoop nie.
- 16 en ook nie vis mag bring of aan die seuns van Y’udah of in Yerushalayim op die Shabbat mag verkoop nie.
- 17 Ek het met die leiers van Y’udah geargumenteer en vir hulle gesê: “Waarom doen julle hierdie bose ding en onteer die Shabbatdag?”
- 18 Julle vaders het net so gehandel en God het al hierdie ongeluk op ons en hierdie stad gebring, tog bring julle meer toorn en woede op Yisra’el deur die Shabbat te onteer!” Yes 58:13,14; Yir 17:27; Neg 10:31
- 19 Wanneer die poorte van Yerushalayim oop was en dit begin donker word voor die Shabbat, het ek beveel dat die poorte gesluit moes word en beveel dat hulle nie oopgemaak sal word tot ná die Shabbat nie. Ek het sommige van my diensknegte by die poort geplaas sodat daar geen vrag op die Shabbat ingebring sal word nie.
- 20 Die handelaars en die verkopers van allerhande soorte handelsware, het een of twee keer buite Yerushalayim geslaap.
- 21 Toe het ek teen hulle getuig en vir hulle gesê: “Waarom kom julle nie in by die poort in die muur terwyl die son nog hoog is nie? As julle weier om hierdie opdrag uit te voer sal ek julle straf.” Van daardie dag af aan het hulle nie meer op die Shabbat ingekom nie.
- 22 Ek het aan die Leviëte opdrag gegee om hulleself te reinig en dat die wagte en die poortwagters moet kom om die poorte op te pas om die Shabbat af te sonder. O my God, onthou my ook hieroor en spaar my as gevolg van die oorfloed van U onverdiende guns.
- 23 In dié dae het ek ook Y’udahiete gesien wat vroue van Ashdod, `Ammon en Mo’av getrou het
- 24 en die helfte van hulle seuns het in die taal van Ashdod gepraat en hulle kon nie verstaanbaar in die taal van Y’udah praat nie, maar volgens die taal van elke volk.

- 25 Ek het met hulle geargumenteer en hulle vervloek en sommige van hulle geslaan en hulle hare uitgepluk en ander by God laat sweer en gesê: “Julle mag nie julle dogters aan hulle seuns gee en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself vat nie!
- 26 Shlomo, die koning van Yisra’el, het deur hierdie dinge gesondig. Tog was daar onder baie nasies nie ’n koning soos hy nie, waarvoor sy God lief was en God het hom koning oor die hele Yisra’el gemaak. Nogtans het vreemde vroue selfs vir hom laat sondig ^{2 Kon 23:13}
- 27 en dit is aan julle bekendgemaak en tog het julle hierdie groot boosheid gedoen om te oortree teen ons God deur vreemde vroue te trou.”
- 28 Een van die seuns van Yoyada, die seun van Elyashiv, die hoofpriester, was ’n skoonseun van Sanvallat, die Horoniet; daarom het ek hom van my af weggejaag.
- 29 Onthou my, o my God, aangaande hulle wat oorgebly het van die priesterdom en die verbond van die priesters en die Leviëte.
- 30 So het ek hulle gereinig van al die ander nasies en hulle in hulle dienswerk aangestel, beide die priesters en die Leviëte, elkeen in sy werk,
- 31 asook om die geskenk offers en die afgesonderde dinge in hulle vasgestelde tye te bring en vir die feeste en vir die eerstevrugte. Onthou my, o my God, ten goede!

Die agt en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die twaalfde boek van die Geskrifte

Divrei-HaYamim Alef

(1 Kronieke)

דברי הימים Divrei-HaYamim Alef.
- Die woorde van die dae

Die boek is deur `Ezra, rondom 404 voor Yeshua vanuit
beide Bybelse en bronne nie in die Bybel opgeneem nie,
saamgestel.

- 1 1 Adam, Shet, Enosh,
- 2 Kenan, Mahalal'el, Yered,
- 3 Hanokh, Metushelag, Lemekh,
- 4 Noag, Shem, Gam en Yefet.
- 5 Die seuns van Yefet was: Gomer, Magog, Madai, Yavan, Tuval, Meshekh en Tiras.
- 6 Die seuns van Gomer was: Ashkenaz, Rifat en Togarmah.
- 7 Die seuns van Yavan was: Elishah, Tarshish, die Kittiers en Dodaniete.
- 8 Die seuns van Gam was: Kush en Mitzrayim, Put en Kena'an. ^{Gen 15:18-21}
- 9 Die seuns van Kush was: S'va, Havilah, Savta, Ra'mah en Savt'kha;
die seuns van Ra'mah was: Sh'va en D'dan.
- 10 Kush was die vader van Nimrod - hy was die eerste magtige man op aarde.
- 11 Mitzrayim was die vader van die Ludiete, 'Anamiete, L'haviete, Naftugiete,
- 12 Patrusiete en Kaslugiete, waaruit die F'listyne voortgekom het en die Kaftoriete.
- 13 Kena'an was die vader van Tzidon, sy eersgeborene, Het,
- 14 die Y'vusiete, Emoriete, Girgashiete,
- 15 die Hiviete, 'Arkiete, Siniете,
- 16 die Arvadiete, Tz'mariete en Hamatiете.
- 17 Die seuns van Shem was: 'Eilam, Ashur, Arpakhshad, Lud, Aram, 'Utz, Hul, Geter en Meshekh.
- 18 Arpakhshad was die vader van Shelag en Shelag van 'Ever.
- 19 Vir 'Ever is twee seuns gebore; die naam van die een was Peleg, want in sy dae was
die aarde verdeeld ^{Gen 11:6-9} en sy broer se naam was Yoktan.
- 20 Yoktan was die vader van Almodad, Shelef, Hatzar-Mavet, Yerag,
- 21 Hadoram, Uzal, Diklah,
- 22 'Oval, Avima'el, Sh'va,
- 23 Ofir, Havilah en Yovav; hulle was almal seuns van Yoktan.
- 24 Shem, Arpakhshad, Shelag,
- 25 'Ever, Peleg, Re'u,
- 26 S'rug, Nagor, Terag,
- 27 Avram, wat Avraham was.
- 28 Die seuns van Avraham was Yitz'gag en Yishma'el.
- 29 Hierdie is hulle nageslag: die eersgeborene van Yishma'el was N'vayot; dan Kedar,
Adbe'el, Mivsam,
- 30 Mishma, Dumah, Massa, Hadad, Teima,
- 31 Y'tur, Nafish, Kedmah; hulle was die seuns van Yishma'el. ^{Gen 25:15}
- 32 Die seuns van K'turah, die byvrou van Avraham: sy het geboorte gegee aan Zimran,
Yokshan, Medan, Midyan, Yishbak en Shuag. Die seuns van Yokshan was Sh'va en D'dan.
- 33 Die seuns van Midyan was 'Eifah, 'Efer, Hanokh, Avida en Elda'ah. Hulle was
almal seuns van K'turah. ^{Gen 25:4}
- 34 Avraham was die vader van Yitz'gag. Die seuns van Yitz'gag was 'Esav en Yisra'el.
- 35 Die seuns van 'Esav: Élifaz, Re'u'el, Ya'lam en Korag. ^{Gen 36:10-19}

- 36 Die seuns van Élifaz was Teman, Omar, Tzefo, Ga'tam, K'naz, Timnah en 'Amalek.
- 37 Die seuns van Re'u'el was Nagat, Zerag, Shammah en Mizah.
- 38 Die seuns van Se'ir was Lotan, Shoval, Tziv'on, 'Anah, Dishon, Etzer en Dishan.
- 39 Die seuns van Lotan was Hori en Hemam; die suster van Lotan was Timnah.
- 40 Die seuns van Shoval was 'Alvan, Managat, 'Eival, Sh'fo en Onam; die seuns van Tziv'on was Ayah en 'Anah.
- 41 Die seuns van 'Anah was Dishon; die seuns van Dishon: Hemdan, Eshban, Yitran en K'ran.
- 42 Die seuns van Etzer was Bilhan, Za'avan en 'Akan. Die seuns van Dishan was 'Utz en Aran.
- 43 Hierdie is die konings wat in die land van Edom regeer het voordat enige koning oor die seuns van Yisra'el regeer het: Bela, die seun van B'or en die naam van sy stad was Dinhavah.
- 44 Toe Bela gesterf het, het Yovav, die seun van Zerag, uit Botzrah, in sy plek regeer.
- 45 Na hom het Husham, vanaf die land van Temani, in sy plek regeer.
- 46 Toe Husham sterf, het Hadad, die seun van B'dad, wat vir Midyan in die velde van Mo'av verslaan het, in sy plek regeer en die naam van sy stad was 'Avit.
- 47 Toe Hadad sterf, het Samlah van Masrekah in sy plek regeer.
- 48 Toe Samlah sterf, het Sha'ul van Regovot, by die rivier, in sy plek regeer.
- 49 Toe Sha'ul sterf, het Ba'al-Ganan, die seun van 'Akhbor in sy plek regeer.
- 50 Toe Ba'al-Ganan sterf, het Hadar in sy plek regeer en die naam van sy stad was Pa'u; die naam van sy vrou was M'heitav'el, die dogter van Matred, die dogter van Mei-Zahav.
- 51 Hadar het ook gesterf en die prinse van Edom was prins Timna, prins 'Alvah, prins Y'tet,
- 52 prins Oholivamah, prins Elah, prins Pinon,
- 53 prins Kenaz, prins Teman, prins Mivtzar,
- 54 prins Magdi'el, prins 'Iram. Hierdie was die prinse van Edom.
- 2** 1 Hierdie is die seuns van Yisra'el: ^{Gen 35:23-26} Re'uven, Shim'on, Levi, Y'hudah, Yissakhar, Z'vulun,
- 2 Dan, Yosef, Binyamin, Naftali, Gad en Asher.
- 3 Die seuns van Y'hudah: 'Er, Onan en Shelah, hierdie drie is vir hom gebore by Bat-Shua, die Kena'aniet. 'Er, die eersgeborene van Y'hudah, was boos in die oë van יְהוָה en Hy het hom doodgemaak.
- 4 Tamar, sy skoondogter, het vir hom geboorte gegee aan Peretz en Zerag. Y'hudah het altesaam vyf seuns gehad.
- 5 Die seuns van Peretz was Hetzron en Hamul.
- 6 Die seuns van Zerag: Zimri, Eitan, Heiman, Kalkol en Dara; almal saam vyf.
- 7 Die seuns van Karmi: 'Akhan, die moeilikheidmaker vir Yisra'el, wat in die afgesonderde dinge oortree het. ^{Y'ho 7:17-20}
- 8 Die seun van Eitan was Azaryah.
- 9 Die seuns van Hetzron wat vir hom gebore is: Yeregme'el, Aram en K'luvai.

- 10 Aram was die vader van `Amminadav en `Amminadav van Nagshon, prins van die seuns van Y'udah. ^{Num 2:3; 7:12}
- 11 Nagshon was die vader van Salmon en Salmon van Bo'az;
- 12 Bo'az van `Oved en `Oved van Yishai;
- 13 Yishai was die vader van Eli'av, sy eersgeborene en van Avinadav, die tweede en Shimmah, die derde;
- 14 van N'tan'el, die vierde, van Raddai, die vyfde,
- 15 van Otzem, die sesde, van Oliho die sewende en van Dawid, die agste. ^{1 Sh'm 16:10; 17:12}
- 16 Hulle susters was Tz'ruyah en Avigayil. Die seuns van Tz'ruyah: Avishai, Yo'av en `Asah'el, drie.
- 17 Avigayil het geboorte gegee aan `Amasa en die vader van `Amasa was Yeter.
- 18 Kalev, die seun van Hetzron, het Yeriot by sy vrou `Azuva verwek en hierdie is haar seuns: Yesher, Shovav en Ardon.
- 19 Toe `Azuva gesterf het, het Kalev vir hom Efrat gevat, wat geboorte gegee het vir hom aan Hur.
- 20 Hur was die vader van Uri en Uri van B'tzal'el.
- 21 Daarna het Hetzron ingegaan by die dogter van Makhir, die vader van Gil'ad, waarmee hy getrou het toe hy sestig jaar oud was en sy het vir hom geboorte gegee aan S'guv.
- 22 S'guv was die vader van Ya'ir, wat drie en twintig stede in die land van Gil'ad gehad het.
- 23 Na dit het Hetzron gesterf in Kalev se land, Efratah, toe sy vrou vir hom geboorte gegee het aan Ashgur, die vader van Tekoa.
- 24 Die seuns van Yeragme'el, eersgeborene van Hetzron: Aram, die eersgeborene, Bunah, Oren en Otzem, hulle suster.
- 25 Yeragme'el het nog 'n vrou gehad met die naam van `Atarah; sy was die moeder van Onam.
- 26 Die seuns van Aram, die eersgeborene van Yeragme'el, was Ma'atz, Yamin en `Eker.
- 27 Die seuns van Onam: Shammai en Yada. Die seuns van Shammai: Nadav en Avishur.
- 28 Die naam van die vrou van Avishur was Avigayil en sy het vir hom geboorte gegee aan Agban en Molid.
- 29 Die seuns van Nadav: Seled en Appayim, maar Seled is dood sonder kinders.
- 30 Die seun van Appayim was Yish'i; die seuns van Yish'i was Sheshan en Sheshan het gesterf sonder seuns.
- 31 Die seuns van Yada, die broer van Shammai: Yeter en Y'honatan en Yeter is dood sonder kinders.
- 32 Die seuns van Y'honatan: Pelet en Zaza. Dit was die seuns van Yeragme'el.
- 33 Sheshan het nie seuns gehad nie, net dogters en Sheshan het 'n Mitzrayitiese diensknecht gehad met die naam van Yarga.
- 34 Sheshan het sy dogter vir hom as vrou gegee en sy het vir hom geboorte gegee aan `Attai.
- 35 `Attai was die vader van Natan en Natan van Zavad.

- 36 Zavad was die vader van Eflal en Eflal van `Oved.
 37 `Oved was die vader van Yehu en Yehu van `Azaryah.
 38 `Azaryah was die vader van Heletz en Heletz van El'asah.
 39 El'asah was die vader van Sismai en Sismai van Shallum.
 40 Shallum was die vader van Y'kamyah en Y'kamyah van Elishama.
 41 Die seuns van Kalev, die broer van Yeragme'el: Mesha, sy eersgeborene; hy was die vader van Zif.
 42 Die seuns van Mareshah, die vader van Hevron was Korag, Tappuag, Rekem en Shema.
 43 Shema was die vader van Ragam, die vader van Yorke'am; Rekem was die vader van Shammai.
 44 `Eifah, die byvrou van Kalev, het geboorte gegee aan Haran
 45 en Haran was die vader van Gazez.
 46 Die seuns van Shammai was Ma'on en Ma'on was die vader van Beit-Tzur.
 47 Die seuns van Yahdai: Regem, Yotam, Geshan, Pelet, `Eifah en Sha'af.
 48 Ma'akhah, die byvrou van Kalev, het geboorte gegee aan Shever en Tirganah.
 49 Sy het ook geboorte gegee aan Sha'af, die vader van Madmannah, Sh'va, die vader van Magbenah en die vader van Giv'a. Kalev se dogter was `Akhsah. ^{Rig 1:12,13}
 50 Hierdie was die seuns van Kalev, van sy seun Hur, die eersgeborene van Efratah: Shoval, die vader van Kiryat-Ye'arim,
 51 Salma, wat in Beit-Legem gebore is en Haref, wat in Beit-Gader gebore is.
 52 Daar is seuns vir Shoval gebore in Kiryat-Ye'arim: HaRo'eh, Yoval, Hazri,
 53 die Sumatiëte, Netofat, Shamlah, die Soreatiëte, Shegav en Hama.
 54 Al hierdie seuns is gebore vir Shoval in Kiryat-Ye'arim.
 55 Die families van die skrywers wat in Ya'betz gebly het: die Tir'atiëte, die Shim'atiëte en die Sukhatiëte; dit is die Keiniëte wat van Hammat, die vader van die huis van Rekhav, kom.
- 3** 1 Hierdie is die seuns van Dawid wat vir hom in Hevron gebore is: die eersgeborene Amnon, by Agino'am uit Yizre'el; die tweede Kalev, by Avigayil, uit Karmel;
 2 die derde Avshalom, die seun van Ma'akhah, die dogter van Talmai, koning van G'shur; die vierde Adoniyah, die seun van Haggit;
 3 die vyfde Sh'fatyah, by Avital; die sesde Yitre'am, by sy vrou `Eglah.
 4 Hierdie ses seuns is vir hom in Hevron gebore, waar hy vir sewe jaar en ses maande regeer het en in Yerushalayim het hy drie en dertig jaar lank regeer.
 5 Hierdie is die name van die seuns wat vir hom in Yerushalayim gebore is: Shamua, Shovav, Natan, Shlomo,
 6 Yivgar, Elishua, Elyada,
 7 Elifelet, Nogah, Nefeg,
 8 en Elishama.
 9 Hierdie was al die seuns van Dawid en Tamar was hulle suster.
 10 Die seun van Shlomo was Regav'am; sy seun was Aviyah; sy seun was Asa; sy seun was Y'hoshafat;
 11 sy seun was Y'horam; sy seun was Agazyah; sy seun was Yo'ash;

- 12 sy seun was Amatzyah; sy seun was `Azaryah (`Uziyahu); sy seun was Yotam;
 13 sy seun was Agaz; sy seun was Hizkiyahu; sy seun was M'nasheh;
 14 sy seun was Amon en sy seun was Yoshiyahu.
 15 Die seuns van Yoshiyahu was: sy eersgeborene Yoganen, die tweede Y'hoyakim, die derde Tzidkiyah, die vierde Shallum.
 16 Die seuns van Y'hoyakim was: Y'hoyakhi en Tzidkiyah, sy seuns.
 17 Die seuns van Y'konyah: Assir, Sh'alti'el, sy seuns,
 18 Malkiram, P'dayah, Shen'atzar, Y'kamyah, Hoshama en N'davyah.
 19 Die seuns van N'davyah was Z'rubavel en Shim'i; die seuns van Z'rubavel was: Meshullam en Hananyah en Shlomit was hulle suster
 20 en Hashuvah, Ohel, Berekyah en Hasadyah.
 21 Die seuns van Hananyah: P'latyah en Yesha'yah; sy seun was Refayah; sy seun was Arnan en `Ovadyah, die seun van Yesha'yah.
 22 Die seun van Sh'khanyah: Sh'ma'yah en die seuns van Sh'ma'yah: Hattush, Ne'aryah, `Azaryah en Hizkiyah.
 23 Die seuns van Ne'aryah: Elyo'einai, Hizkiyah en `Azrikam, drie
 24 en ook Hodavyahu, Elyashiv, P'layah, Ya'akov, Yoganen, D'layah en `Anani.
- 4** 1 Hierdie is die nageslag van Y'udah: Peretz, Hetzron, Karmi, Hur en Shoval.
 2 Re'ayah, die seun van Shoval, was die vader van Yagat; Yagat was die vader van Agumai en Lahad. Hierdie is die families van Regov'am.
 3 Hierdie is die seuns van `Amminadav: Yizre'el, Yishma en Yidbash.
 4 P'nu'el en Hoshiyah was die seuns van Hur, die eersgeborene van Efratah, wie se vader van Beit-Legem was.
 5 Ashgur, die vader van Tekoa, het twee vroue gehad, Ghel'ah en Na'arah.
 6 Een van hulle het geboorte gegee aan Aguzam, Hefer, Teimni en Agashtari. Dit was die seuns van een van hulle.
 7 Die seuns van Ghel'ah: Tzeret, Tzogar en Etnan.
 8 Kotz was die vader van `Anuv, Tzovevah en die families van Agargel, die seun van Harum.
 9 Ya'betz was dierbaar vir sy vader en sy moeder en hulle het hom "ons oë" genoem (in Aramees).
 10 Hulle het vir hom gesê: "דורתי" sal jou sekerlik seën en jou grondgebied vergroot en Sy hand sal by jou wees en jou bevry van boosheid sodat dit geen mag oor jou het nie en aan jou gee dit wat jy van Hom vra."
 11 Kalev, die broer van Ahiyah, was die vader van M'gir, wat die vader was van Eshton.
 12 Eshton was die vader van T'ginnah en Rafa was die vader van Paseag; Paseag was die vader van T'ginnah, T'ginnah was die vader van Yazir.
 13 Hierdie is die seuns van Kalev, die seun van Y'funneh: die eersgeborene was Elah en die tweede Na'am, die derde was K'naz, die vierde Ashif, die vyfde Ya'mo'el en die sesde was Yahrof
 14 Hierdie is die seuns van Kalev, die seun van Y'funneh. Num 13:6; Y'ho 14:6

- 15 Die seuns van `Ezrah was Yeter, Mered, `Efer en Yalon, wat geboorte gegee het aan Miryam, Shammai en Yishbag, die vader van Esht'moa.
- 16 Sy Y'hudahitiese vrou het geboorte gegee aan: Yered, die vader van G'dor; Hever, die vader van Sokho en Y'kuti'el, die vader van Zanoag.
- 17 Die seuns van sy vrou, Hadiyah, die suster van Nagam, die vader van Ke'ilah, die Garmiet en Esht'moa, die Ma'akhatiet.
- 18 Die seuns van Shimon: Amnon, Rinnah, Ben-Hanan en Tilon. Die seuns van Yish'i was Zoget en Ben-Zoget.
- 19 Die seuns van Shelah, die seun van Y'hudah was `Er, die vader van Lekha en La'adah, die vader van Mareshah en die families van die huis van die fyn linne wewers, van die huis van Ashbea.
- 20 Zemri, Esht'moa, Ma'akhat, Eshtmah en Ashimon.
- 21 Die seuns van Ashimon: Ammon, Domiyah, Zerah en Shelah. Hierdie was die seuns van Shelah.
- 22 Hierdie was die seuns van Y'hudah.
- 23 Die seuns van Shim'on is N'mu'el, Yamin, Ahar, Yagin, Zahar, Yarib, Zerag en Sha'ul.
- 24 Mivsam was sy seun en Mishma was sy seun,
- 25 Shemati en Hamu'el
- 26 Zakkai, sy seun, Shim'i, sy seun.
- 27 Shim'i het sestien seuns en ses dogters gehad, maar sy broers het nie baie seuns gehad nie en hulle families het ook nie vermenigvuldig totdat die seuns van Y'hudah tussen hulle kom bly het nie.
- 28 Hulle het by hulle kom bly in die dorpe van Be'er-Sh'va, Moladah en Hatzar-Sha'ul,
- 29 in Bilhah, `Etzem, Tolad,
- 30 B'tu'el, Hormah, Hatzar-Gadah, Heshmon, Hetpelet en Ziklag,
- 31 Marmeranah en Samsalah. Dit was hulle stede tot by die regering van Dawid.
- 32 Hulle dorpies was: `Eitam, `Ayin, Rimmon, Tokhen en `Ashan, vyf stede
- 33 en al die dorpies wat in die omtrek van hierdie stede van Arkites was.
- 34 Hierdie was die stede waarin hulle gebly het en hulle het baie beroemd geword
- 35 en was in mooi plekke geleë en vrede en rustigheid het rondom hulle geheers.
- 36 Hierdie is die name van die prinse wat daar, in hulle families, was en in die huis van hulle vaders
- 37 en hulle het na die ingang van Geder gekom, so ver as die oostekant van die vallei, om weiding vir hulle vee te soek.
- 38 Hulle het goeie, ryk weiding gevind en die land was wyd en goed en vrede en rustigheid het daar geheers,
- 39 want hulle wat daar gebly het was die eerste setlaars.
- 40 Hierdie, wie se name neergeskryf is, het in die tyd van Hizkiyahu, koning van Y'hudah, gekom en hulle tente volkome vernietig
- 41 en al die fonteine besoedel wat tot vandag toe daar is en in hulle plekke gebly, want daar was goeie weiding vir hulle troppe.

42 Sommige van hulle en sommige van die seuns van Shim'on, vyf honderd man, het opgegaan na die berg Gevel. Hierdie is die name van die manne wat as hulle leiers gegaan het: P'latyah, Ne'eryah, Refayah en Uzi'el, die vier seuns van Yish'i.

43 Hulle het die res van die `Amalekiete verslaan wat ontsnap het en tot vandag toe in hulle plek gaan bly. Deut 25:17-19; 1 Sh'm 15:2-35

5 1 Die seuns van Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el, want hy was die eersgeborene van die vader, maar omdat hy die bed van sy vader onteer het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Yosef, sy broer, die seun van Yisra'el, gegee en op sy twee seuns het die seëning meer gekom as op al die stamme van Yisra'el.

2 Alhoewel vanuit Y'hudah, Die Gesalfde Een, die Koning sal kom, word die seëninge aan Yosef gegee.

3 Die seuns van Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el, was Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi.

4 Die seuns van Karmi: sy seun S'ma'yah, sy seun Gog, sy seun Shim'i,

5 sy seun Mikhah, sy seun Re'ayah, sy seun Ba'al,

6 sy seun Be'erah, vir wie Tilgat-Piln'eser, koning van Ashur, in ballingskap weggevoer het; hy was die prins van die stam van die Re'uveniete. 2 Kon 15:29

7 Sy broers volgens hulle families, toe die geslagsregister van hulle nageslagte bereken is: Ye'i'el, die leier en Z'kharyah, tweede in bevel,

8 Bela, die seun van `Azaz, die seun van Sh'ma, die seun van Yo'el, wat in `Aro'er, tot by N'vo en die vlakte van Me'on gebly het.

9 Ooswaarts het hy tot by die grens van die woestyn, van die Eufraatrivier af, betrek, want hulle vee het vermenigvuldig in die land van Gil'ad.

10 In die dae van Sha'ul het hulle oorlog gevoer teen die Arabiere, die inwoners van Sekah en is oorgegee in hulle hande en hulle het in hulle tente gebly aan die hele oostekant van Gil'ad.

11 Die seuns van Gad het oorkant hulle gebly in die land van Bashan tot by Siva en Salkah.

12 Yo'el was hulle leier en hy het hulle geoordeel en aan hulle goeie Skrifte geleer.

13 Hierdie was die seuns van Avigayil, die seun van Huri, die seun van Yaroag, die seun van Gil'ad, die seun van Mikha'el,

14 die seun van `Avdi'el, die seun van Agi, wat hoofde van die huise van hulle vaders was.

15 Hulle het in Bashan gebly en in sy dorpie.

16 Hulle almal is in die geslagsregister opgeneem in die dae van Y'hotam, koning van Y'hudah en in die dae van Yarov'am, koning van Yisra'el.

17 Die Re'uveniete, Gadiete en die halwe stam van M'nasheh, dapper manne, in staat om swaard en skild te dra en met die boog te skiet, bedrewe in oorlog, was vier en veertig duisend ses honderd, ses en sestig.

18 Hulle het almal uitgegaan en geveg teen die inwoners van Sekah

19 en Sekah is in hulle hand oorgegee, want hulle het tot יהיה gebid in die geveg en Hy het hulle stem gehoor omdat hulle hul vertroue op Hom geplaas het.

- 20 Hulle het 'n oorvloed goedere en beeste weggedra, vyftig duisend kamele, twee honderd en vyftig duisend skape, twee duisend donkies en 'n honderd duisend mense.
- 21 Baie van hulle wat in tente gebly het, het gesnuwel en hulle wat oorgebly het, het in hulle tente gebly.
- 22 Die seuns van die halwe stam van M'nasheh het in die land van Bashan gebly tot so ver as die vlakte van berg Hermon en so ver as Har; daar het hulle vermenigvuldig en baie geword.
- 23 Hierdie was die leiers van die huise van hulle vaders: 'Efer, Yish'i, Eli'el, 'Azri'el, Yirmeyah, Hodvyah en Yagdi'el,
- 24 almal magtige, dapper manne, manne van naam, leiers van die huise van hulle vaders
- 25 en hulle het oortree teen die God van hulle vaders en afgedwaal agter die gode van die volke van die land aan, wat God voor hulle uit vernietig het.
- 26 Die God van Yisra'el het die gees van Tilgat-Piln' eser, koning van Ashur, aangehits en hy het hulle weggevoer: die stam van Re'uven, die stam van Gad en die halwe stam van M'nasheh en hulle gebring na Halag, Havor, Hara en na die Gozanrivier, stede van Mede. Hulle bly tot vandag toe daar.
- 6** 1 Die seuns van Levi: Gershon, K'hat en M'rari. ^{Eks 6:16-25}
- 2 Die seuns van K'hat: 'Amram, Yitz'har, Hevron en 'Uzi'el.
- 3 Die kinders van 'Amram: Aharon, Mosheh en Miryam. Die seuns van Aharon: Nadav, Aviha, El'azar en Itamar.
- 4 El'azar was die vader van Pingas, Pingas was die vader van Avishua.
- 5 Avishua was die vader van Bukki. Bukki was die vader van 'Uzi.
- 6 'Uzi was die vader van Z'ragyah. Z'ragyah was die vader van M'rayot.
- 7 M'rayot was die vader van Amaryah. Amaryah was die vader van Agituv.
- 8 Agituv was die vader van Tzadok. Tzadok was die vader van Agima'atz.
- 9 Agima'atz was die vader van 'Azaryah. 'Azaryah was die vader van Yoganan.
- 10 Yoganan was die vader van 'Azaryah. Dit is hy wat in die priestersamp bedien het in die tempel wat Shlomo in Yerushalayim gebou het.
- 11 'Azaryah was die vader van Amaryah. Amaryah was die vader van Agituv.
- 12 Agituv was die vader van Tzadok. Tzadok was die vader van Shallum.
- 13 Shallum was die vader van Hilkiyahu. Hilkiyahu was die vader van 'Azaryah.
- 14 'Azaryah was die vader van S'rayahu. S'rayahu was die vader van Y'hotzadak.
- 15 Y'hotzadak is saam in ballingskap weggedra toe יהודה vir Y'hudah en Yerushalayim weggevoer het deur die hand van N'vukadnetzar.
- 16 Die seuns van Levi: Gershon, K'hat en M'rari.
- 17 Dit is die name van die seuns van Gershon: Livni en Shim'i.
- 18 Die seuns van K'hat: 'Amram, Yitz'har, Hevron en 'Uzi'el.
- 19 Die seuns van M'rari: Magli en Mushi. Hierdie is die families van die Leviëte volgens hulle vaders:
- 20 Van Gershon: sy seun Livni, se seun Yagat, se seun Zimmah,
- 21 se seun Yo'ag, se seun 'Iddo, se seun Zerag en se seun Ye'atrai.

- 22 Die seuns van K'hat: sy seun `Amminadav, se seun Korag, se seun Assir,
23 se seun Elkanah, se seun Evyasaf, se seun Assir,
24 se seun Tagat, se seun Uri'el, se seun `Uziah en sy seun Sha'ul.
25 Die seuns van Elkanah: Amasai en Agimot.
26 Wat Elkanah, die seun van Elkanah betref: sy seun Tzofai, se seun Nagat,
27 se seun Eli'av, se seun Yerogam en se seun Elkanah.
28 Die seuns van Sh'mu'el: Yo'el, die eersgeborene en die tweede Aviyah. ^{1 Sh'm 8:2}
29 Die seuns van M'rari: Magli, se seun Livni, se seun Shim'i, se seun `Uzah,
30 se seun Shim'a, se seun Hagiyah en se seun `Azayah.
31 Hierdie is hulle almal wat Dawid aangestel het om te bedien in die huis van יהוה
waar die ark gestaan het.
32 Hulle het met baie sang in die Teenwoordigheid van יהוה, in die Tent van die
Vergadering, bedien totdat Shlomo die huis van יהוה in Yerushalayim gebou het en
toe het hy hulle in hul dienswerk aangestel volgens hulle orde.
33 Hierdie is die bedienaars en hulle seuns: van die seuns van die K'hatiete, van die
familie van die Leviëte: Heman en Yo'el, die seun van Sh'mu'el,
34 die seun van Elkanah, die seun van Yerogam, die seun van Eli'el, die seun van
Toag,
35 die seun van Tzuf, die seun van Elkanah, die seun van Magat, die seun van
`Amasai,
36 die seun van Elkanah, die seun van Yo'el, die seun van `Azaryah, die seun van
Tz'fanyah,
37 die seun van Tagat, die seun van Assir, die seun van Evyasaf, die seun van Korag,
38 die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, die seun van
Yisra'el
39 en sy broer Asaf, wat aan die regterhand gestaan het. Asaf, die seun van Berekhyah,
die seun van Shim'a,
40 die seun van Mikha'el, die seun van Ba'aseyah, die seun van Malkiyah,
41 die seun van Etni, die seun van Zerag, die seun van `Adayah,
42 die seun van Eitan, die seun van Zimmah, die seun van Shm'i,
43 die seun van Yagat, die seun van Gershon, die seun van Levi.
44 Hulle broers, die seuns van M'rari, het aan die linkerhand gestaan: Eitan, die seun
van Kishi, die seun van `Avdi, die seun van Mallukh,
45 die seun van Hashavyah, die seun van Amatzyah, die seun van Hilkiyah,
46 die seun van Amtzi, die seun van Bani, die seun van Shemer,
47 die seun van Magli, die seun van Mushi, die seun van M'rari, die seun van Levi.
48 Hulle broers, die Leviëte, is aangestel vir al die dienswerk by die tabernakel van
die huis van God,
49 maar Aharon en sy seuns het op die brandofferaltaar en op die wierookaltaar geoffer
en is aangestel vir al die werk in die Mees Afgesonderde Plek en om toedekking te
doen vir Yisra'el, volgens alles wat Mosheh, die dienskneg van God, beveel het.
50 Hierdie is die seuns van Aharon: El'azar was sy seun, Pingas sy seun, Avishua sy
seun;
51 Bukki sy seun, `Uzi sy seun, Z'ragyah sy seun,

- 52 M'rayot sy seun, Amaryah sy seun, Agituv sy seun,
53 Tzadok sy seun, Agima'atz sy seun.
54 Hierdie was die stede wat toegewys was aan die families regdeur hulle grense: aan die seuns van Aharon, die familie van die K'hatiete, (want aan hulle was die eerste lot),
55 aan hulle is gegee: Hevron, in die land Y'hudah en sy gebied rondom,
56 maar al die saaigrond van die stad en sy dorpe rondom, het hulle vir Kalev, die seun van Y'funneh, gegee.
57 Aan die seuns van Aharon het hulle al die stede van ontvlugting gegee en aan die priesters: Hevron met sy dorpies, Livnah met sy dorpies, Yatir met sy dorpies, Esht'moa met sy dorpies,
58 Hilen met sy dorpies, D'vir met sy dorpies,
59 'Ashan met sy dorpies en Beit-Shemes met sy dorpies;
60 van die stam van Binyamin: Geba met sy dorpies, 'Alemet met sy dorpies en 'Anatot met sy dorpies. Al hulle stede in al hulle families, was dertien stede.
61 Aan die ander seuns van K'hat, wat geërf het uit die stam van M'nasheh, is tien stede gegee.
62 Aan die seuns van Gershon, volgens hulle families, uit die stamme van Yissakhar, uit die stam van Asher, uit die stam van M'nasheh en uit die stam van Naftali in Bashan, is dertien stede gegee.
63 Aan die seuns van M'rari is volgens die lot, volgens hulle families, uit die stam van Re'uven, uit die stam van Gad en uit die stam van Z'vulun, twaalf stede gegee.
64 Die seuns van Yisra'el het aan die Leviëte hierdie stede met hulle dorpies gegee
65 en hulle het deur die lot uit die stam van die seuns van Y'hudah en uit die stam van die seuns van Shim'on en uit die stam van die seuns van Binyamin hierdie stede gegee wat genoem is volgens die name van die families van die Kohatiete.
66 Hulle het ook nog ander stede en hulle dorpies uit die stam van Efrayim gehad.
67 Hulle het aan hulle uit die stede van ontvlugting gegee: Sh'khem met sy dorpies, in die Efrayimgebergte, Gezer met sy dorpies,
68 Beit-Horon met sy dorpies,
69 Ayalon met sy dorpies en Gat-Rimmon met sy dorpies.
70 Uit die halwe stam van M'nasheh: 'Aner met sy dorpies, Bil'am met sy dorpies; vir die erfenis van die families van die seuns van K'hat.
71 Aan die seuns van Gershon is uit die halwe stam van M'nasheh gegee: Golan in Bashan met sy dorpies en 'Ashtarot met sy dorpies;
72 uit die stam van Yissakhar: Kedesh met sy dorpies, Davrat met sy dorpies
73 en 'Anem met sy dorpies;
74 uit die stam van Asher: Mashal met sy dorpies, 'Avdon met sy dorpies,
75 Hukok met sy dorpies en Regov met sy dorpies;
76 uit die stam van Naftali: Kedesh in die Galil met sy dorpies, Hammon met sy dorpies en Kiryatayim met sy dorpies.
77 Aan die familie van M'rari wat uit die stam van Z'vulun geërf het, is gegee: Rimmono met sy dorpies, Tavor met sy dorpies

78 en oorkant die Yarden by Yerigo, aan die oostekant van die Yarden, is vir hulle gegee uit die stam van Re'uven: Betzer in die wildernis met sy dorpies, Yahatz met sy dorpies,

79 K'demot met sy dorpies en Mefa'at met sy dorpies;

80 uit die stam van Gad: Ramot met sy dorpies, Maganayim met sy dorpies,

81 Heshbon met sy dorpies en Ya'zer met sy dorpies.

7 1 Die seuns van Yissakhar: Tola, Pu'ah, Yashuv en Shimron, vier.

2 Die seuns van Tola: 'Uzi, Refayah, Yeri'el, Yagmai, Yivsam en Sh'mu'el, hoofde van hulle vaders se huise; hierdie was die seuns van Tola. Hulle was dapper manne van krag in hulle familie en hulle geslag, hulle getal in die dae van Dawid was twee en twintig duisend ses honderd.

3 Die seun van 'Uzi was Yizragyah; die seuns van Yizragyah: Mikha'el, 'Ovadyah, Yo'el en Yishiyah, vyf, almal leiers.

4 By hulle, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, was dapper krygsmanne: ses en dertig duisend, want hulle het baie vroue en kinders gehad.

5 Hulle broers, al die families van Yissakhar, was dapper manne van krag: sewe en tagtig duisend is in hulle families getel.

6 Hierdie is die name van die seuns van Binyamin: Bela, Bekher, Ashbel, Gera, Na'aman, Egi, Rosh, Mupim, Hupim en Ard. ^{Gen 46:21}

7 Die seuns van Bela: Etzbon, 'Uzi, 'Uzi'el, Yerimot en 'Iri, vyf hoofde van die huise van hulle vaders, dapper manne van krag en hulle is getel volgens families: twee en twintig duisend vier en dertig.

8 Die seuns van Bekher: Z'mirah, Yo'ash, Eli'ezer, Elyo'enai, 'Omri, Yeremot, Aviyah, 'Anatot en 'Alemet; hulle almal was seuns van Bekher.

9 Hulle getal, volgens families in hulle geslagte, hoofde van die huise van hulle vaders, dapper manne, was twee en twintig duisend twee honderd.

10 Die seun van Y'dia'el was Bilhan en die seuns van Bilhan: Ye'ush, Binyamin, Ehud, Kena'anah, Zeitan, Tarshish en Agishagar.

11 Hulle almal was die seuns van Y'dia'el, volgens die hoofde van hulle vaders, dapper manne van krag, sewentien duisend twee honderd soldate, gereed om in die weermag uit te gaan in die geveg;

12 asook Shupim en Hupim, seuns van 'Ir, van die seuns van Hushim.

13 Die seuns van Naftali: Yagzi'el, Guni, Yetzer, Shallum, die seuns van Bilhah.

14 Die seuns van M'nasheh: Asri'el, wat vanuit sy byvrou gebore is; sy het ook geboorte gegee aan Makhir, die vader van Gil'ad.

15 Makhir het die suster van 'n prins as vrou gevat, wie se naam, Ma'akhah was. Die naam van sy oudste broer was Tz'lof'gad. Tz'lof'gad het geen seuns, maar wel dogters gehad.

16 Ma'akhah, die vrou van Makhir, het geboorte gegee aan 'n seun en hom Peresh genoem en die naam van sy broer was Sheresh.

17 Die seun van Ulam was Rekem en die seun van Rekem, B'dan; dit is die seuns van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh.

18 Sy suster Ma'akhah het geboorte gegee aan Ish-Hod, Avi'ezer,

- 19 Sh'mida, Agyan, Sh'khem en Ani'am.
- 20 Die seuns van Efrayim: Shutelag, Bered, sy seun, Tagat, sy seun, Ele'adah, sy seun, Agat, sy seun,
- 21 Savad, sy seun, Shutelag en 'Ezer, wat deur die manne van Gat, wat in die land gebore is, doodgemaak is omdat hulle afgegaan het om hulle rykdom weg te vat.
- 22 Efrayim, hulle vader, het baie dae lank gerou en sy broers het gekom om hom te troos.
- 23 Hy het by sy vrou ingegaan, sy is bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en sy het hom B'ri'ah genoem, want iets sleg het in sy huis gebeur
- 24 en haar dogter het uit Onder- en Bo-Beit-Horon ontsnap.
- 25 Almal wat ontsnap het, is deur haar dogter genees, want sy was 'n vroue dokter en sy het die siekes gesond gemaak.
- 26 Sy het ook vir Edan, die seun van 'Ammihud, genees,
- 27 van die seuns van Nun, die vader van Y'hoshua.
- 28 Hulle besitting en blyplekke was: Beit-El en sy dorpies; Shegem en sy dorpies en 'Ayah met sy dorpies.
- 29 By die grense van die seuns van M'nasheh was dit Beit-Sh'an met sy dorpies, Ta'nakh met sy dorpies, Megiddo met sy dorpies en Dor met sy dorpies. In hierdie stede het die seuns van Yosef, die seun van Yisra'el, gebly.
- 30 Die seuns van Asher was: Yimnah, Yishvah, Yishvi, B'ri'ah en hulle suster, Serag.
- 31 Die seuns van B'ri'ah was Hever en Malki'el, wat die vader is van Birzayit.
- 32 Hever was die vader van Yaflet, Shomer, Hotam en hulle suster, Shua.
- 33 Die seuns van Yaflet was: Pasakh, Bimhal en 'Ashwat; dit was die seuns van Yaflet.
- 34 Die seuns van Shemer was: Agi en Rohgah, Hubah en Aram.
- 35 Die seuns van sy broer Helem was: Zofag, Yimnah, Shelesh en 'Amal.
- 36 Die seuns van Zofag was: Suag, Harnefer, Shu'al, Beri en Yimrah,
- 37 Betzer, Hod, Shamma, Shilshah, Yitran en Be'era.
- 38 Die seuns van Yeter was: Y'funneh, Pispah en Ara.
- 39 Die seuns van 'Ulla was: Arag, Hanni'el en Ritzya.
- 40 Hulle was almal seuns van Asher, hoofde van die huise van hulle vaders, uitgesoekte dapper, magtiges, hoofde van die prinse, volgens hulle geslagte. Hulle getal is in die weermag getel vir geveg: ses en twintig duisend man.
- 8** 1 Binyamin was die vader van Bela, sy eersgeborene, Ashbel, die tweede, Agrag die derde,
- 2 Nogah, die vierde, Rafa, die vyfde,
- 3 Ahai die sesde, Arosh, die sewende,
- 4 Mathim, die agste, Hashim, die negende
- 5 en Adar, die tiende.
- 6 Die seuns van Bela: Abdo, Gera, Abihud
- 7 Avishua, Na'aman, Agoag,
- 8 Safim, Hufam en Agiram.

- 9 Hierdie is die seuns van Abihud,
10 (die hoofde van hul vaders in hulle families en hulle is gevange weggedra na die vlakte van Na'aman)
11 by sy vrou Harash: Hovav,
12 Zeviah, Malkom, M'nasheh, Seriah, Yarmanah, Zebaz.
13 Dit was sy seuns, hoof van die vaders.
14 Hushim het geboorte gegee aan Avituv en Elpa'al.
15 Die seuns van Elpa'al: `Ever, Mish'am, Shemed;
16 wat Ono en Lod, met hulle dorpies, gebou het
17 en hy het die hoof van die vaders geword oor die inwoners van Gat;
18 Shema, B'ri'ah,
19 Agyo, Shashak, Yeremot,
20 Z'vadyah, `Arad, `Eder,
21 Mikha'el, Yishpah, Yoga, B'ri'ah,
22 P'nu'el en die seuns van Shishak en Shamsh'rai.
23 Hierdie was die hoofde van die huise van hul vaders, in hulle geslagte. Dit is hulle wat aan die begin in Yerushalayim gebly het.
24 In Giv'on het die vader van Giv'on gebly, wie se vrou se naam Ma'akhah was.
25 Sy eersgebore seun was `Avdon, asook Tzur, Kish, Ba'al, Ner, Nadav,
26 G'dor, Agyo, Z'kharyah en Miklot.
27 Miklot was die vader van Ma'ah
28 en hulle het ook saam met hulle broers in Yerushalayim gebly, oorkant hulle.
29 Ner was die vader van Kish en Kish van Sha'ul en Sha'ul van Y'honatan, Malkishua, Avinadav en Eshba'al.
30 Die seun van Y'honatan was kreupel in sy voete; Avinadav het 'n seun gehad met die naam van M'riv-Ba'al en M'riv-Ba'al was die vader van Mikhah.
31 Die seuns van Mikhah was: Piton, Melekh, Ta'rea en Agaz.
32 Agaz was die vader van Y'ho'adah en Y'ho'adah die vader van `Alemet, `Azmawet en Zimri; Zimri was die vader van Motza.
33 Motza was die vader van Bin'a; sy seun was Rafah; sy seun was El'asah; sy seun was Atzel.
34 Atzel het ses seuns gehad en dit was hulle name: `Azrikam, die eersgeborene, Bokhru, sy tweede, Yishma'el, die derde,
35 Sh'aryah, `Ovadyah en Hanan; hulle almal was seuns van Atzel.
36 Die seuns van `Eshek, sy broer, was: Ulam, sy eersgeborene, Ye'ush, die tweede en Elifelet, die derde.
37 Die seuns van Ulam was dapper manne van krag, boogskutters,
38 en hulle het hulle seuns en kleinseuns opgelei,
39 een honderd en vyftig.
40 Hulle almal is die stam van die seuns van Binyamin.

- 9 1 Die hele Yisra'el en Y'hudah is as boos beskou, want hulle is in ballingskap na Bavel weggevoer as gevolg van hulle boosheid.
- 2 Die eerste inwoners wat in hul eiendom, in hulle stede gaan bly het, was Yisra'eliete: die priesters, die Leviëte en die poortwagters.
- 3 In Yerushalayim het van die seuns van Y'hudah, van die seuns van Binyamin en van die seuns van Efrayim en M'nasheh gebly:
- 4 'Utai, die seun van 'Ammihud, die seun van 'Omri, die seun van Imri, die seun van Bani, van die seuns van Peretz, die seun van Y'hudah;
- 5 van die land van die Shiloniete: 'Asaya, die eersgeborene en B'zaiyah, sy broer;
- 6 van die seuns van Zerag: Ye'u'el en hulle broers, ses honderd en negentig;
- 7 van die seuns van Binyamin: Sallu, die seun van Meshullam, die seun van Hodawyah, die seun van Hasnu'ah;
- 8 Yivneyah, die seun van Yerogam; Elah, die seun van 'Uzi, die seun van Mikhri; Meshullam, die seun van Sh'fatyah, die seun van Re'u'el, die seun van Yivneyah
- 9 en hulle broers volgens hulle geslagte, nege honderd nege en negentig. Hulle almal was dapper manne, bevelvoerders oor 'n honderd, volgens hulle vaders se huise;
- 10 van die priesters: Y'da'yah, Y'hoyariv en Yakhin;
- 11 'Azaryah, die seun van Hilkiyah, die seun van Meshullam, die seun van Tzadok, die seun van M'rayot, die seun van Agituv, wie se huis oorkant die huis van God was;
- 12 'Adayah, die seun van Yerogam, die seun van Pash'gur, die seun van Malkiyah; Ma'asai, die seun van 'Adi'el, die seun van Yagzerah, die seun van Meshullam, die seun van Meshilmit, die seun van Immer
- 13 en hulle broers, hoofde van die huis van hulle vaders, een duisend sewe honderd en sestig baie bekwame manne vir die dienswerk van die huis van God;
- 14 van die Leviëte: Sh'ma'yah, die seun van Hashuv, die seun van 'Azrikam, die seun van Hashavyah;
- 15 van die seuns van M'rari: Bakbakkar, die seun van Heresh, die seun van Galal; Mattanyah, die seun van Mikha, die seun van Zikhri, die seun van Asaf;
- 16 'Ovadyah, die seun van Sh'ma'yah, die seun van Galal, die seun van Y'dutun; Berekhyah, die seun van Asa, die seun van Elkanah wat in Ramtah gebly het.
- 17 Die poortwagters was: Shallum, 'Akkuv, Talmon en Agiman; Shallum was die hoof.
- 18 Tot nou toe was hulle in die Koningspoort teen die ooste; hulle was die poortwagters in die groepe van die seuns van Levi.
- 19 Shallum, die seun van Kore, die seun van Evyasaf, die seun van Korag, sy broers en die lede van sy vader se huis, was oor die werk en oor die hekwagters van die tent en hulle vaders, hoofde oor die laer, was die bewakers van die uitgang en die ingang.
- 20 Pingas, die seun van El'azar, was vroeër leier oor hulle en יהודה was by hom.
- 21 Z'kharyah, die seun van Meshelemyah, was poortwagter by die ingang van die tent van bymekaarkoms.

- 22 Hulle almal wat as poortwagters gekies is, was twee honderd en twaalf; hulle is volgens hulle families bereken wat deur Dawid en deur Sh'mu'el in hulle vaste ampte aangestel is,
- 23 want hulle het hulle met hul seuns aangestel oor die poorte van die huis van יהוה en oor die tent van byeenkomste, as wagte.
- 24 Die poorte was oop na die vier rigtings, na die ooste, weste, noorde en suide.
- 25 Hulle broers, wat in hulle geslagte wag gehou het, het nie in die tempel ingegaan nie, behalwe een keer elke sewe dae van tyd tot tyd,
- 26 want hierdie Leviete was in hulle vaste amp en was in bevel van die vier poorte in die vier rigtings en het wag gestaan en was oor die werk en die skatte van die huis van God.
- 27 Hulle het rondom die huis van God gebly, want die taak om die poorte te bewaak was hulle s'n.
- 28 Sommige van hulle was in beheer van die inspeksie van al die gereedskap van die diens, wat getel is, elke oggend wanneer hulle ingebring en uitgevat word.
- 29 Sommige van die Leviete is aangestel oor al die houters en die gereedskap van die Afgesonderde Plek, oor die altaar en die voorwerpe, die wyn, die olie, die wierook en die suiwer speserye.
- 30 Sommige van die seuns van die priesters het die wierook vir die houters voorberei en geskenke is deur die Leviete gegee.
- 31 Mattityah, een van die Leviete, wat die eersgeborene van Shallum was, is toevertrou met die taak van die bakkery.
- 32 Sommige van die nageslag van K'hati, was oor hulle broers en die brode van die Teenwoordigheid, om dit elke Shabbat voor te berei.
- 33 Hierdie was die bedienaars, hoofde van die vaders van die Leviete, wat waggehou het oor die kamers rondom die tempel, want hulle was dag en nag oor die werk.
- 34 Hierdie is die hoofde van die vaders van die Leviete, volgens hulle geslagte; hulle het in Yerushalayim gebly.
- 35 In Giv'on het die vader van Giv'on gewoon en die naam van sy eersgeborene was Ye'i'el en die naam van sy vrou was Ma'akhah.
- 36 Sy tweede seun was 'Avdon en dan Tzur, Kish, Ba'al, Ner, Nadav,
- 37 G'dor, Agyo, Z'kharyah en Miklot.
- 38 Miklot was die vader van Shim'am en hulle het saam met hulle broers in Yerushalayim gebly, oorkant hulle.
- 39 Ner was die vader van Kish en Kish van Sha'ul en Sha'ul van Y'honatan, Malkishua, Avinadav en Eshba'al.
- 40 Die seun van Y'honatan was M'riv-Ba'al en M'riv-Ba'al was die vader van Mikhah.
- 41 Die seuns van Mikhah was: Piton, Melekh en Ta'rea.
- 42 Agaz was die vader van Y'ho'adah en Y'ho'adah van 'Alemet, 'Azmawet en Zimri; Zimri was die vader van Motza;
- 43 Motza was die vader van Bin'a; sy seun was Rafah; sy seun El'asah, sy seun Atzel.

44 Atzel het ses seuns gehad en dít is hulle name: `Azrikam, sy eersgeborene, Bokhru, die tweede, Yishma'el, Sh'aryah, `Ovadyah en Hanan; hulle was die seuns van Atzel.

10 1 Die F'lishtyne het teen Yisra'el geveg en die manne van Yisra'el het voor die F'lishtyne weggevlug en baie is doodgeslaan op die Gilboa gebergte.

2 Die F'lishtyne het Sha'ul en sy seuns ingehaal en die F'lishtyne het vir Y'honatan, Avinadav en Malkishua, die seuns van Sha'ul, doodgemaak.

3 Die geveg het teen Sha'ul gedraai en die bekwame boogskutters het hom gevind en toe Sha'ul hulle sien, was hy baie bang vir hulle.

4 Toe het Sha'ul vir sy wapendraer gesê: "Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, voordat hierdie onbesnedenes kom en my doodmaak en martel." Sy wapendraer wou nie omdat hy baie bang was; daarom het Sha'ul sy eie swaard gevat en daarin geval.

5 Toe sy wapendraer sien dat Sha'ul dood is, het hy net so in sy swaard geval en saam met hom gesterf.

6 So het Sha'ul, sy drie seuns en sy wapendraer gesterf en al sy magtige manne het op daardie dag saam gesterf.

7 Toe al die manne van Yisra'el wat aan die anderkant van die vallei en aan die anderkant van die Yarden was, sien dat Yisra'el gevlug het en dat Sha'ul en sy seuns doodgemaak is, het hulle die stede verlaat en gevlug en die F'lishtyne het gekom en daarin gaan bly.

8 Dit het gebeur in die oggend, toe die F'lishtyne kom om die dooies te plunder dat hulle Sha'ul en sy seuns dood op die gebergte van Gilboa kry.

9 Hulle het hul koppe afgekap, hulle wapenrusting uitgetrek en hulle na die land van die F'lishtyne gestuur, deur al die dorpe, stede en provinsies, om die goeie nuus oor te dra aan hulle afgode en mense.

10 Hulle het hul wapens en klere in die huis van hulle afgod neergesit en hulle liggame by die muur van Beit-Yashan opgehang.

11 Toe die inwoners van Yavesh in Gil'ad alles hoor wat die F'lishtyne aan Sha'ul gedoen het,

12 het al die dapper manne opgestaan en heel nag gegaan en die liggame van Sha'ul en die liggame van sy seuns van die muur van Beit-Yashan afgehaal en dit na Yavesh gebring en dit daar verbrand; hulle het hul gebeentes begrawe onder die eikeboom in Yavesh en sewe dae lank gevas.

13 Sha'ul het gesterf as gevolg van die oortreding wat hy teen יהוה begaan het en as gevolg van die opdrag van יהוה, wat hy nie gehou het nie ^{Yeg 18:20-28}

14 en ook omdat hy mense met bekende geeste geraadpleeg het en nie יהוה, sy God, geraadpleeg het nie; daarom is sy koninkryk aan Dawid, die seun van Yishai, gegee.

- 11** 1 Toe het die hele Yisra'el by Dawid in Hevron bymekaargekom en gesê: "Let op, ons is u vlees en bloed vir altyd.
- 2 Verder, in tye wat verby is, selfs toe Sha'ul koning oor ons was, was dit u wat Yisra'el uit- en ingelei het en יהוה, u God, het vir u gesê: 'Jy moet my volk Yisra'el voed en jy sal heerser wees oor al die stamme van Yisra'el.'” 2 Sh'm 5:1,2
- 3 Dit is waarom al die oudstes van Yisra'el na die koning in Hevron gekom het en koning Dawid het met hulle 'n verbond gesluit in Hevron voor die Teenwoordigheid van יהוה en hulle het Dawid as koning oor Yisra'el aangestel. So is die woorde van Sh'mu'el bevestig wat hy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gepraat het.
- 4 Toe het Dawid en die hele Yisra'el na Yerushalayim, wat vroeër Y'vus genoem is, gegaan, waar die Y'vusiete, die inwoners van die land, was.
- 5 Die inwoners van Y'vus het vir Dawid gesê: "Jy sal hier nie inkom nie." Nogtans het Dawid al die mense bymekaar gemaak en die stad van Tziyon, wat die stad van Dawid genoem word, ingeneem.
- 6 Dawid het gesê: "Wie ook al die eerste Y'vusiet doodmaak, sal hoof en bevelvoerder oor die weermag wees." Toe het Yo'av, die seun van Tz'ruyah, eerste opgegaan en koning Dawid het hom as hoof en bevelvoerder oor die weermag aangestel.
- 7 Dawid het in die stad van Tziyon gebly; daarom noem hulle dit die stad van Dawid.
- 8 Dawid het die stad rondom opgebou, selfs vanaf Millo, wat buite is en Dawid het die oostekant van die stad vir die res van die mense in die dorpie gegee.
- 9 Dawid het kragtiger en kragtiger geword en יהוה-Tzva'ot (van die leërmagte) was by hom.
- 10 Hierdie was die hoofde van Dawid se magtige manne, wat hulleself saam met hom versterk het in sy koninkryk en hom gehelp het om koning oor die hele Yisra'el gemaak te word, volgens die woord van יהוה wat hy oor die hele Yisra'el gesê het.
- 11 Hierdie is die getal van die magtige manne van Dawid: gesetel in die eerste rang, hoof oor dertig man, Yashov'am, 'n dapper man; hy het sy spies opgelig en drie honderd in een uur verslaan.
- 12 Ná hom was El'azar, sy oom se seun, die Agogiet; wat oor drie honderd man was.
- 13 Hy was saam met Dawid by Pas-Dammim toe die F'lishtyne daar geveg het, waar 'n land van gars was en die mense het voor die F'lishtyne gevlug.
- 14 Hulle het hulself in die middel van die land opgestel en dit bevry en die F'lishtyne verslaan en יהוה het 'n groot oorwinning gebring.
- 15 Drie van die dertig bevelvoerders het afgegaan na Dawid, in die grot van 'Adullam en die magte van die F'lishtyne was uitgekamp in die vallei van Refa'im.
- 16 Dawid het toe in 'n tent gebly en die F'listynse garnisoen was in Beit-Legem.
- 17 Dawid het gesmag en gesê: "Ag, dat iemand vir my water te drink sal gee uit die groot put van Beit-Legem, wat by die poort van die stad is!"

- 18 Sodra die drie dit gehoor het, het hulle deur die kamp van die F'lishtyne gebreek en water geskep uit die put van Beit-Legem wat by die poort van die stad was en dit na Dawid toe gebring, maar Dawid wou dit nie drink nie en het dit in die Teenwoordigheid van יהוה uitgegooi
- 19 en gesê: “יהוה verbied dat ek so iets in die Teenwoordigheid van my God doen, want hierdie manne het gegaan en hulle lewe in gevaar gestel;” daarom wou hy dit nie drink nie. Hierdie dinge het hierdie drie dapper manne gedoen.
- 20 Avishai, die broer van Yo'av, was hoof van die dertig, want hy het sy spies opgelig teen drie honderd en hulle verslaan. Hy was hoogstens geëer en bevorder tot hoof van die dertig.
- 21 Hy was meer eerbaar as die dertig en het hulle leier geword en geveg soos dertig.
- 22 B'nayah, die seun van Y'hoyadah, 'n dapper man uit die provinsie van Kavtze'el, het groot dade gedoen; hy het die twee magtige manne van Mo'av verslaan en hy het ook gegaan en 'n leeu in 'n kuil doodgemaak op 'n sneeuagtige dag.
- 23 Hy het ook 'n Mitzrayimiet verslaan, 'n groot man, vyf el lank en in die hand van die Mitzrayimiet was 'n spies soos 'n wewersbalk en hy het afgegaan teen hom met 'n staf en die spies uit die hand van die Mitzrayimiet gevat en hom met sy eie spies doodgesteek.
- 24 Hierdie dinge het B'nayah, die seun van Y'hoyadah, gedoen en hy was bekender as die drie magtige manne.
- 25 Hy is gerespekteer onder die drie magtige manne, want hy het geveg soos drie magtige manne en Dawid het hom aangestel oor sy lyfwag en oor die hoofde van die weermag.
- 26 Die dapper manne van die weermag was: 'Asah'el, die broer van Yo'av, Elganah, sy oom se seun uit Beit-Legem,
- 27 Shammah, vanaf die heuwel; Heletz, die P'loniet;
- 28 'Ira, die seun van 'Ikesh, vanaf T'koa; Avi'ezer, vanaf 'Anatot;
- 29 M'vunai, die Hushatiet; Tzalmon, die Agogiet;
- 30 Mahrai, die N'tofatiet; Helev, die seun van Ba'anah, die N'tofatiet;
- 31 Ittai, die seun van Rivai, uit Giv'ah van die nageslag van Binyamin; B'nayahu, vanaf Pir'aton;
- 32 Hiddai, vanaf die stroompies van Ga'ash; Avi-'Alvon, die 'Arvatiet;
- 33 'Azmawet, die Bagarumiet; Elyagba, die Sha'alvoniet.
- 34 Die seuns van Yashen, die Gizoniet; Y'honatan, die seun van Shageh, vanaf die berg Karmel;
- 35 Agi'am, die seun van Sharar, vanaf die berg Beta; Elifal, die seun van Ur, van Begarton;
- 36 Hefer, die M'kheratiet; Agiyah, die P'loniet;
- 37 Hetzrai, die Karmeliet; Na'arai, die seun van Ezbai;
- 38 Yo'el, die broer van Natan; Mivgar, die seun van Hagri;
- 39 Tzelek, die 'Ammoniet; Nagrai, die Be'erotiet, die wapendraers van Yo'av, die seun van Tz'ruyah;
- 40 'Ira, die Yitriet; Garev, die Yitriet;
- 41 Uriyah, die Hittiet; Zavad, die seun van Aglai;

- 42 `Adina, die seun van Shiza, die Re'ueniet, van die huis van die Re'ueniete en hy was bevelvoerder oor dertig man;
43 Hanan, die seun van Ma'akhah en Yoshafat, die Mitniet;
44 Y'hoshafat, die `Asht'ratiet; Shama en Ye'i'el, die seuns van Hotam, die `Aro'eriet;
45 Y'dia'el, die seun van Shimri en Yoga, sy broer;
46 Amozot, Ana'el, Mogam, Mozel, Rivai en sy seun Ashua; Agma'el en Yatmah, die Mo'aviete;
47 Eli'el, `Oved, Ya'asi'el, Lazi'el en Ashkir.

- 12** 1 Hierdie is die magtige manne van Dawid wat by hom gestaan het in die gevegte en hulle het saam met Dawid na die stad van Ziklag gegaan, toe hy gevlug het voor Sha'ul, die seun van Kish; hulle was tussen die magtige manne wat voor Dawid gestaan het. As Dawid dit sou wou, sou hulle Sha'ul, die seun van Kish doodgemaak het, want hulle was magtige manne van oorlog, maar Dawid wou hulle nie toelaat om Sha'ul dood te maak nie.
- 2 Hulle het die boog met hulle linkerhand en die swaarde met hulle regterhand vasgehou en hulle boë was vol pyle, maar Dawid was onwillig om Sha'ul dood te maak, want hy was die leier, die prins van die stam van Binyamin.
- 3 Hierdie is die name van die magtige manne wat by Dawid was: Agi'ezer en sy seun, Yo'ash; Sh'ma'ah, die Giv'atiet; Yo'el vanaf Maksite; Pelet en B'rakhah, die seuns van `Azmawet; Yehu, vanuit `Anatot;
- 4 Yishma'yah, die Giv'oniet, kaptein oor dertig manne en wat soos hulle almal geveg het; Yirmeyah, Yagzi'el, Yoganan, Yozavad;
- 5 El'uzai, Yerimot, Ba'alyah, Sh'maryah, Sh'fatyah, Havar;
- 6 Elkanah, Yishiyahu, `Azar'el, Yashov'am, Asaf;
- 7 Yo'elah en Z'vadyah, die seuns van Yerogam, vanaf G'dor.
- 8 Hulle, van die stam van die Gadiete, het hulle afgesonder vir Dawid, om saam met hom na die vesting in die wildernis te gaan; magtige manne, manne van naam en gereed vir die geveg, wat swaard en skild kon hanteer, met gesigte soos die gesigte van leeus en wat vinnig was in die geveg op die berge:
- 9 `Ezer, die leier van die magtige manne, `Ovadyah, die tweede en Eli'av, die derde;
- 10 Mishmannah, die vierde en Yirmeyah, die vyfde;
- 11 `Attai, die sesde en Éli'el, die sewende;
- 12 Yoganan, die agtste en Elsavad, die negende;
- 13 Yirmeyah, die tiende en Makhbannai, die elfde.
- 14 Hulle was uit die seuns van Gad, bevelvoerders van die leër; een van hulle was kaptein oor 'n honderd en die ander oor 'n duisend.
- 15 Dit is hulle wat deur die Yarden gegaan het in die eerste maand, toe hy al sy banke oorstroom het en die hele leër wat in die vallei gekamp het, laat vlug het, beide na die ooste en na die weste. Hierdie is die getalle van die bevelvoerders van die weermag, wat bymekaargekom het en na Dawid toe gekom het by Hevron om aan hom die koninkryk van Sha'ul te gee sodat die woord van Sh'mu'el, die profeet wat gepraat het op bevel van יהוה, vervul kon word.

- 16 Daar het sommige van die seuns van Binyamin en Y'hudah in die kamp, na Dawid toe gekom
- 17 en Dawid het uitgegaan hulle tegemoet en hulle geseën en vir hulle gesê: “As julle met vrede na my toe kom om ons te help, dan sal יהוה aan julle 'n dubbel porsie gee van wat in julle binneste is, maar as julle gekom het om my te verrai en my oor te gee aan my teëstanders, aangesien ek nie teen julle gesondig het nie en daar niks verkeerds aan my hande is nie, weet die God van my vaders dit en sal Hy bestraf, wie ook al van ons verkeerd is.
- 18 Toe kom die Gees met mag oor `Amasai, die seun van Yatar, leier van die dertig en hy antwoord en sê vir Dawid: “Saam met u, Dawid, saam met u, seun van Yishai, ek is ook saam met u. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir u en vanaf u helpers, want u God is u Helper in elke uur.” Toe het Dawid hulle ontvang en hulle kapteine in die leër gemaak.
- 19 Sommige van die manne van die stam van M'nasheh het na Dawid toe oorgegaan toe hy saam met die F'lishtyne gekom het om teen Sha'ul te veg, hulle wou nie vir Sha'ul help om teen hom te veg nie, want hulle het hom gehaat, want hulle het 'n geheime ooreenkoms met die prinse van die F'lishtyne aangegaan en gesê: “Laat ons eerste gaan en op ons meester, Sha'ul, val.
- 20 Terwyl hy na Ziklag gaan, sal ons hom voorlê en lewendig vang.” Hierdie is hulle name: `Adnag, Zavad, Y'dia'el, Mikha'el, Yozavad, Elihu en Tziltai, bevelvoerders oor 'n duisend van die huis van M'nasheh.
- 21 Hulle het Dawid gehelp toe hy teen die bende rowers was, want hulle was almal dapper magtige manne en bevelvoerders oor die leër en hulle het deur hom gedoen soos hulle wou,
- 22 want elke dag het hulle in Dawid se teenwoordigheid gekom om kos voor hom te eet, want hy het hulle uitermate liefgehad.
- 23 Die seuns van Y'hudah wat swaarde en spiese gedra het, was ses duisend agt honderd, magtige soldate;
- 24 van die seuns van Shim'on, dapper magtige manne vir oorlog, agt duisend sewe honderd;
- 25 van die seuns van Levi, vier duisend ses honderd.
- 26 Y'hoyadah was die bevelvoerder van die familie van die Aharoniete en saam met hom was drie duisend sewe honderd;
- 27 Tzadok, 'n jongman, magtig en dapper, van sy vader se huis en sy broers, twee en twintig offisiere;
- 28 van die seuns van Binyamin, familie van Sha'ul, drie duisend, want totdat Sha'ul gesterf het, het hulle die huis van Sha'ul bewaak;
- 29 van die seuns van Efrayim, twintig duisend agt honderd, dapper magtige manne, beroemd regdeur die huise van hulle vaders;
- 30 van die halwe stam van M'nasheh agttien duisend wat beroemd was en hulle het eerste gekom om Dawid koning te maak;
- 31 van die seuns van Yissakhar, manne wat in hul tyd insig gehad het, wat goeie en opregte dade voor יהוה gedoen het; hulle leiers was twee honderd en al hulle broers het gedoen wat hulle ook al beveel is;

- 32 van die stam van Z'vulun, hulle wat gaan veg het, meesters in geveg, met alle oorlogswapens, vyftig duisend, gereed om te veg teen hulle wie se lojaliteit teenoor die koninkryk van Dawid betwyfelbaar was;
- 33 van die seuns van Naftali, 'n duisend offisiere en saam met hulle sewe en dertig duisend manne met skilde en spiese;
- 34 van die Daniete, meesters in oorlog, agt en twintig duisend ses honderd;
- 35 van Asher, wat in die geveg uitgegaan het, dapper soldate, veertig duisend;
- 36 van oorkant die Yarden af, vanaf die Re'uveniete, die Gadiete en die halwe stam van M'nasheh, honderd en twintig duisend, bewapen met allerhande oorlogswapens.
- 37 Al hierdie magtige soldate het na die geveg gegaan met 'n perfekte ingesteldheid en het na Hevron gekom om Dawid koning te maak oor die hele Yisra'el; ook al die ander leiers van Yisra'el het met opregtheid gekom om Dawid koning oor Yisra'el te maak.
- 38 Hulle het daar by Dawid drie dae lank geëet en gedrink, want hulle broers het vir hulle voorberei.
- 39 Hierdie is die name van die stamme wat vir hulle kos voorsien het, wat naby hulle was:
- 40 die stamme van Yissakhar, Z'vulun en Naftali het brood gebring op donkies, op kamele, op muile en op beeste; kos van fyn meel, vyekoeke, rosynekoeke, wyn, olie en skape en beeste in oorfloed, want daar was groot blydskap in Yisra'el.
- 13** 1 Dawid het beraadslaag met al die bevelvoerders oor duisend en oor 'n honderd, die leiers en goewerneurs oor Yisra'el.
- 2 Dawid het aan die hele vergadering van Yisra'el gesê: "As julle dit goed vind, laat ons dit van יהוה, ons God, vra om dit wat stukkend is vir ons broers wat in al die dorpe van Yisra'el bly reg te maak en priesters en Leviëte by hulle te laat bly in al die stede en hulle dorpieë
- 3 sodat hulle hulself bymekaar kan maak en na ons toe kom en tot יהוה, ons God, bid en Hom smek as gevolg van ons sondes, want ons het nie tot Hom gebid in die dae van Sha'ul nie."
- 4 Die hele vergadering het gesê dat hulle dit sal doen.
- 5 Dawid het die hele Yisra'el bymekaar gebring, vanaf die rivier van Mitzrayim, tot by die ingang na Hamat, om die ark van God uit Kiryat-Ye'arim te bring.
- 6 Dawid, saam met die hele Yisra'el, het opgegaan na Kiryat-Ye'arim, wat aan Y'hudah behoort, om die ark van יהוה-God, wat op die hoë gérubs woon, wat deur Sy Naam geken word, daarvandaan af op te bring.
- 7 Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa gesit en dit uit die huis van Avinadav gedra en 'Uza en sy broers het die wa gedryf.
- 8 Dawid en die hele Yisra'el het voor die Teenwoordigheid van God gespeel met al hulle mag, met sang, met harpe, instrumentale musiek, met simbele en tamboeryne.
- 9 Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het 'Uza sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het na die dorsvloer gehardloop.
- 10 Die woede van יהוה het ontvlam teen 'Uza en Hy het hom daar doodgeslaan omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het en hy het daar voor die ark gesterf.

- 11 Dawid was ontevrede omdat יהוה vir 'Uza doodgemaak het; dit is waarom daardie plek Peretz-'Uza genoem word, tot vandag toe.
- 12 Dawid was op daardie dag bang vir God en het gesê: "Hoe kan ek die ark van God na my huis toe bring?"
- 13 Dawid was onwillig om die ark tuis te bring na die stad van Dawid en Dawid het beveel dat dit na die huis van 'Oved-'Edom, die Gittiet, gedra word.
- 14 Die ark van God het vir drie maande in die huis van 'Oved-'Edom gebly en יהוה het die huis van 'Oved-'Edom geseën met alles wat hy gehad het. ^{2 Sh'm 6}
- 14** 1 Hiram, koning van Tzor, het boodskappers na Dawid gestuur met sederhout, messelaars en skrynwerkers om vir hom 'n huis te bou.
- 2 Dawid het gesien dat יהוה hom as koning oor Yisra'el gekies het, want Sy koninkryk is opgelig ter wille van Sy volk Yisra'el.
- 3 Dawid het meer vroue geneem in Yerushalayim nadat hy van Hevron af gekom het en daar is vir hom nog seuns en dogters gebore. ^{Deut 17:17}
- 4 Hierdie is die name van die seuns wat vir hom gebore is in Yerushalayim: Shamua, Shovav, Natan, Shlomo,
- 5 Yivgar, Elishua, Elyada,
- 6 Nogah, Nefeg, Yafia,
- 7 Elishama, Elyadah en Elifelet.
- 8 Nadat die F'lishtyne gehoor het dat Dawid as koning oor die hele Yisra'el gesalf is, het al die F'lishtyne opgetrek om Dawid te soek. Dawid het daarvan gehoor en teen hulle uitgegaan.
- 9 Die F'lishtyne het gekom en uitgekamp in die vallei van die reuse.
- 10 Dawid het God geraadpleeg en gesê: "Sal ek opgaan teen die F'lishtyne en sal U hulle in my hand gee?" יהוה het vir hom gesê: "Gaan op, want Ek sal hulle in jou hand gee."
- 11 Hulle het opgegaan tot by Ba'al-P'ratzim en Dawid het hulle daar verslaan. Toe het Dawid gesê: "God het ingebreek op my vyande voor my soos die uitbreek van water; daarom het hulle die plek Ba'al-P'ratzim genoem.
- 12 Toe hulle hul afgode daar agtergelaat het, het Dawid bevel gegee aan sy magtige manne en gesê: "Verbrand hulle met vuur en verstrooi hulle as in die wind."
- 13 Die F'lishtyne het weer opgekom en in die vallei van die reuse gekamp;
- 14 daarom het Dawid God weer geraadpleeg en God het vir hom gesê: "Jy moenie agter hulle aan opgaan nie, maar draai weg van hulle af en gaan val hulle van voor af aan.
- 15 Dit sal wees, wanneer jy die klank van 'n gehuil op die top van die berg hoor, dan moet jy opgaan vir die geveg, want God het voor jou uitgegaan om die leër van die F'lishtyne te verslaan."
- 16 Dawid het daarom gedoen wat יהוה hom beveel het en hulle het die leër van die F'lishtyne verslaan vanaf Giv'on tot by Gezer.
- 17 Die naam van Dawid het uitgegaan in al die lande en יהוה het die vrees vir hom oor al die nasies gebring.

- 15** 1 Dawid het vir homself versterkte huise gebou in die stad van Dawid en ook 'n plek gebou vir die ark van יהוה en vir die toebehore van die Tabernakel.
- 2 Toe beveel Dawid die Leviëte om die ark van יהוה en die toebehore van die Tabernakel te dra, want יהוה het die Leviëte gekies om te bedien, die ark van יהוה te dra en dit te versorg vir altyd.
- 3 Dawid het die hele Yisra'el in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van יהוה te bring na die plek wat hy daarvoor opgerig het. ^{2 Sh'm 6:17}
- 4 Dawid het die seuns van Aharon en die Leviëte bymekaargemaak:
- 5 van die seuns van K'hat: Uri'el, die oudste en sy broers, een honderd en twintig,
- 6 van die seuns van M'rari: 'Asayah, die oudste en sy broers, twee honderd en twintig,
- 7 van die seuns van Gershon: Yo'el, die oudste en sy broers, een honderd en dertig,
- 8 van die seuns van Elitzafan: Sh'ma'yah, die oudste en sy broers, twee honderd,
- 9 van die seuns van Hevron: Eli'el, die oudste en sy broers, tagtig,
- 10 van die seuns van 'Uzi'el: 'Amminadav, die oudste en sy broers, een honderd en twaalf.
- 11 Dawid het vir Tzadok en Evyatar, die priesters en die Leviëte Uri'el, 'Asayah, Yo'el, Sh'ma'yah, Eli'el en 'Amminadav laat roep
- 12 en vir hulle gesê: "Julle is die oudstes van die vaders van die Leviëte; sonder julleself af, julle en jul broers sodat julle die ark van יהוה, God van Yisra'el, kan bring na die plek wat daarvoor gebou is
- 13 sodat יהוה, ons God, ons nie sal doodmaak omdat ons Hom nie gesoek het op die voorgeskrewe wyse nie."
- 14 Die priesters en die Leviëte het hulleself afgesonder om die ark van יהוה-God van Yisra'el, te bring.
- 15 Die Leviëte het die ark van יהוה op hulle skouers gedra met die pale daaraan vas soos Mosheh beveel het, volgens die woord van יהוה. ^{Num 7:9}
- 16 Dawid het met die oudstes van die Leviëte gepraat om hulle broers aan te stel as sangers met musiekinstrumente, harpe en simbale, om hulle te laat hoor deur hulle stemme hard op te lig in blydschap.
- 17 Die Leviëte het vir Heman, die seun van Yo'el, aangestel, saam met van sy broers; Asaf, die seun van Berekhyahu, uit die seuns van M'rari en hulle broers; Eitan, die seun van Kishi
- 18 en saam met hulle hul broers van die tweede orde: Z'kharyahu, die seun van N'ai'el, Ya'azi'el, Eli'av, B'nayahu, Ma'aseiyahu, Mattityahu, Elif'lehu, Mikneyahu, 'Oved-Edom en Ye'i'el, die poortwagters;
- 19 Hierdie is hulle wat by die hek gestaan en sing het: Heman, Asaf en Eitan.
- 20 Hierdie is hulle wat die instrumente van koper gespeel het om te bedien tydens die diens: Z'kharyahu, 'Azi'el, Yegi'el, 'Unni, Eli'av, Ma'aseiyahu en B'nayahu.
- 21 Hulle wat liedere gesing het is Mattityahu, Mikneyahu, 'Oved-Edom, Ye'i'el en 'Azazyahu; hulle het met harpe gespeel, elke dag om nege-uur (die derde uur) en om drie-uur (die negende uur).

- 22 K'nanyahu, oudste van die Leviete, het elke dag onder die afdak gespeel, want hulle het 'n plek vir hom voorberei.
- 23 Berekhyahu en Elkanah het die ark versorg en voorsien wat ook al daarvoor nodig was.
- 24 Sh'vanyahu, Yoshafat, N'tan'el, 'Amasai, Z'kharyahu, B'nayahu en Eli'ezer, die priesters, het op die trompette geblaas voor die ark van יהוה uit en 'Oved-Edom en Yegiyah het die ark bewaak.
- 25 Dawid, die oudstes van Yisra'el en die bevelvoerders oor duisend het gegaan om die ark van die verbond van יהוה met groot vreugde uit die huis van 'Oved-Edom na die stad van Dawid te bring.
- 26 Dit het gebeur toe יהוה die Leviete gehelp het wat die ark gedra het waarin die verbond van יהוה was, dat hulle sewe bulle en sewe ramme geoffer het. ^{2 Sh'm 6:13}
- 27 Dawid was aangetrek in klere van fyn linne en ook al die Leviete wat die ark gedra het was in fyn linne aangetrek en Dawid het 'n linne skouerkleed aangehad bo-oor sy linne klere. ^{2 Sh'm 6:14,20}
- 28 Dawid en die hele Yisra'el het die ark waarin die verbond van יהוה was, gebring met sang en die klank van reguit en gebuigde trompette en harde gejuig.
- 29 Dit het gebeur toe die ark waarin die verbond van יהוה was, in die stad van Dawid ingaan, dat Mikhal, die dogter van Sha'ul, by 'n venster uitkyk en sien hoe koning Dawid dans en speel en sy het hom in haar binneste verag.
- 16** 1 Hulle het die ark van יהוה ingebring en dit op sy plek gesit in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het en hulle het brandoffers en vredesoffers gebring voor die ark van יהוה.
- 2 Toe Dawid klaar die brandoffers en die vredesoffers gebring het, het hy die volk van Yisra'el geseën in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה-Tzva'ot (van die leërmagte).
- 3 Hy het aan elkeen van Yisra'el, manne sowel as vroue, jong manne en klein kindertjies, 'n brood, 'n stuk vleis en 'n fyn witbrood uitgedeel. Toe het al die mense weggegaan, elkeen na sy eie huis. ^{2 Sh'm 6:19}
- 4 Hy het sekere Leviete aangestel om te bedien voor die ark van יהוה en om יהוה, die God van Yisra'el, aan te roep, te dank en te lofprys:
- 5 Asaf, die hoof en Z'kharyah na hom en ook, Ye'i'el, Yegi'el, Mattityahu, Eli'av, B'nayah en 'Oved-Edom; Ye'i'el met musiek en sang en Asaf met die simbele.
- 6 Hierdie is al die priesters wat voortdurend met trompette voor die ark van יהוה geblaas het.
- 7 Op daardie dag het Dawid hierdie gedig met instrumentale musiek gelewer, beide hy en die oudstes van die priesters en die Leviete, om יהוה te lofprys, in die teenwoordigheid van Asaf en sy broers. Hierdie is die samevatting van die liedere wat Dawid op daardie dag voor die ark van יהוה gesing het.
- 8 "Gee dank aan יהוה, roep Sy Naam (Karakter en Outoriteit) aan, maak Sy dae bekend onder die volke!
- 9 Sing tot Hom, gee dank aan Hom, vertel van al Sy wonderdade.

- 10 Roem in Sy afgesonderde Karakter en Outoriteit (Naam); laat die verstand, wil en emosie van dié wat יְהוָה soek, verheug wees.
- 11 Soek na יְהוָה en Sy sterkte; bid voortdurend voor Hom.
- 12 Onthou die wonderdade wat Hy gedoen het, Sy wonders en die regverdige oordele van Sy mond,
- 13 o julle, die nageslag van Avraham, Sy dienskneg, seuns van Yisra'el, Sy gekoses!
- 14 Hy is יְהוָה, ons God; Sy regverdige oordele is oor die hele aarde.
- 15 Dink aan Sy verbond vir ewig, die boodskap wat Hy beveel het aan 'n duisend geslagte,
- 16 Sy eed aan Avraham en die verbond wat Hy met Yitz'gak se seuns gesluit het;
- 17 wat Hy bevestig het aan Ya'akov as 'n wet en aan Yisra'el as 'n ewige verbond,
- 18 deur te sê: "Ek sal aan jou die land Kena'an gee, die bepaalde deel van jou erfpoesie.
- 19 Toe julle maar min was, min in getal en vreemdelinge daarin
- 20 en toe julle gevange weggevoer is van nasie tot nasie en van een koninkryk na 'n ander,
- 21 het Hy nie die heersers toegelaat om julle skade aan te doen nie, ja, Hy het konings gestraf om julle ontwil
- 22 en gesê: "Raak nie aan My gesalfdes en doen My profete geen kwaad nie."
- 23 Sing tot יְהוָה, o ganse aarde! Wys Sy verlossing van dag tot dag.
- 24 Verkondig Sy lof en eer onder die nasies,
- 25 want יְהוָה is groot en moet in 'n hoë mate geloof word en Hy moet bo al die konings respekvol gevrees word,
- 26 want al die afgode van die volke is beelde, maar יְהוָה het die hemele gemaak.
- 27 Lof, eer en majesteit is in Sy Teenwoordigheid; krag en grootheid is in Sy Afgesonderde Plek.
- 28 Gee dank aan יְהוָה, o families van die volke, gee dank aan יְהוָה weens Sy eer en sterkte.
- 29 Gee dank aan יְהוָה met die eer wat Sy Naam (Karakter en Outoriteit) toekom, bring offers en gee dank in Sy Teenwoordigheid met die gebed van jou mond; aanbid יְהוָה met afgesonderde liedere. ^{Dan 5:23; Rom 1:21}
- 30 Bewe voor Hom, o ganse aarde! Ook die wêreld sal stabiel wees sodat dit nie beweeg word nie.
- 31 Laat die hemele bly wees en die aarde juig en laat die mens onder die volke sê: "יְהוָה heers!"
- 32 Laat die see en sy volheid brul, laat die velde juig en alles wat daarin is,
- 33 dan sal die bome van die woud lofprysing sing in die Teenwoordigheid van יְהוָה, want Hy kom om die aarde te oordeel. Hy sal die wêreld regverdig oordeel en die mense in getrouheid bestraf.
- 34 Gee dank aan יְהוָה, want Hy is goed, want Sy liefdevolle goedheid is tot in ewigheid.
- 35 Red ons, o יְהוָה, red ons en maak ons bymekaar, bring ons terug vanaf die nasies sodat ons dank kan bring aan U afgesonderde Karakter en Outoriteit (Naam) en ons kan roem in U lofprysinge!

- 36 Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, vir ewig en ewig! Dan sal al die mense sê: 'Dit is waar!' Laat hulle almal יהוה loof met 'n aangename en suiwer mond."
- 37 Hy het vir Asaf en sy broers daar voor die ark van die verbond van יהוה laat staan om voortdurend in die Teenwoordigheid van יהוה te bedien, elkeen op sy bepaalde tyd,
- 38 asook vir 'Oved-Edom met sy broers, agt en sestig en 'Oved-Edom, die seun van Y'dutun en Hosah was wagters van die buitenste poorte
- 39 en Tzadok, die priester, met sy broers, die priesters, hulle was al die priesters wat voor die tabernakel van יהוה, in Giv'on, bedien het,
- 40 om voortdurend in die oggend en aand brandoffers op die brandofferaltaar tot יהוה te bring en om te doen volgens alles wat geskrywe is in die wet van יהוה wat Hy deur Mosheh gegee het om die seuns van Yisra'el te leer.
- 41 Hierdie is die name van die manne wat opgestaan het en lofprysinge gesing het om dank aan יהוה te gee, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig: Heman, Y'dutun en die ander regverdige manne wat nie by naam genoem is nie.
- 42 Hierdie regverdige manne het nie dank gebring met die sanginstrumente, of met tamboeryne, of slaginstrumente, of die gedraaide trompette of reguit trompette, of met simbale nie, maar met 'n aangename stem en suiwer en volmaakte gebed en met onpartydige opregtheid en met reinheid tot יהוה-Tzva'ot, God van Yisra'el.
- 43 Toe het Dawid die mense laat gaan en elkeen het na sy eie huis teruggekeer. Dawid het teruggegaan om sy huishouding te seën.
- 17** 1 Dit het gebeur terwyl Dawid in sy huis gebly het, dat Dawid vir die profeet Natan gesê het: "Let op, ék bly in 'n huis wat bedek is met sederhout, maar die ark van die verbond van יהוה rus in 'n tent van bokhaar."
- 2 Toe sê Natan vir Dawid: "Gaan en doen alles wat in jou verstand, wil en emosie is."
- 3 Dit het gebeur in dieselfde nag dat die woord van יהוה tot Natan, die profeet kom en sê:
- 4 "Gaan en sê vir Dawid, my dienskneg: "Jy mag nie vir My 'n huis bou om in te bly nie,
- 5 want Ek het nie in 'n huis gebly vanaf die dag dat Ek Yisra'el uit Mitzrayim laat kom het, tot vandag toe, nie, maar Ek het van tent tot tent gegaan.
- 6 Let op, waar Ek ook al saam met die hele Yisra'el beweeg het, het Ek ooit 'n woord gepraat met een van die heersers van Yisra'el, wat Ek beveel het om My volk, Yisra'el, te lei en gesê: 'Waarom het jy nie vir My 'n huis gebou wat met seders bedek is nie?'
- 7 Jy moet daarom nou so aan My dienskneg Dawid sê: 'So sê יהוה-Tzva'ot: Ek het jou uit die skaapkraal, agter die skape in die veld, geneem om koning te wees oor My volk Yisra'el
- 8 en Ek was by jou oral waar jy gegaan het en het jou vyande voor jou uitgeroei en Ek het van jou 'n groot naam gemaak, soos die naam van die groot manne wat op die aarde is.

- 9 Ek sal vir My volk Yisra'el 'n plek vasstel en hulle laat vestig en hulle sal in hul plek bly en nie weer beweeg word nie en die bese manne sal hulle ook nie weer gevange wegvat soos vroeër nie.
- 10 Vandat Ek jou oor My volk Yisra'el aangestel het, het Ek jou rus gegee van al jou vyande. Verder het יהוה aan jou verklaar dat die koninkryk vir ewig vasgestel is.
- 11 Dit sal gebeur wanneer jou dae volledig is en jy by jou vaders is, dat Ek jou nageslag sal opwek wat uit jou liggaam kom en hom in jou koninkryk bevestig.
- 12 Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) 'n huis bou en Ek sal die troon van sy koninkryk vir ewig bevestig.
- 13 Ek sal sy Vader wees en hy sal My seun wees en Ek sal nie My liefdevolle omgee van hom af wegvat, soos ek dit van Sha'ul af weggevat het, wat voor jou was, nie,
- 14 maar Ek sal hom 'n heerser maak in My huis en in My koninkryk vir ewig en sy troon sal vir ewig vasgestel word.” ^{Heb 1:2-5}
- 15 Volgens al hierdie woorde en volgens hierdie visioen, so het Natan met Dawid gepraat.
- 16 Koning Dawid het gekom en in die Teenwoordigheid van יהוה gaan sit en gesê: “Wie is ek in U Teenwoordigheid, יהוה-God en wat is my huis, dat U my tot hierdie verhewe plek gebring het?
- 17 Tog was dit iets kleins in U oë, o יהוה-God sodat U ook aangaande die huis van U dienskneg gepraat het tot ver in die toekoms, want almal wat U dien met hulle hele verstand, wil en emosie, bring U uit die duisternis in die lig, o יהוה-God!
- 18 Wat kan Dawid nog roem om in U Teenwoordigheid te praat, want die werke van U dienskneg is bekend, o יהוה-God?
- 19 U weet wat in die verstand, wil en emosie van U dienskneg is, dat U vir hom al hierdie grootheid gedoen het deur U dienskneg groot te maak;
- 20 daarom weet ek, o יהוה-God, dat daar niemand is soos U nie en dat daar geen God is behalwe U nie, volgens alles wat ons met ons ore gehoor het.
- 21 Watter ander nasie op aarde is verenig soos U volk, Yisra'el? U het Usel vanaf die hemele openbaar en hulle gered en om hulle ontwil het U groot en wonderbaarlike wonders gedoen en ernstige plaes op die Mitzrayimiete gebring totdat U hulle onder hulle uitgebring het,
- 22 want U het U volk Yisra'el U ewige volk gemaak en U, o יהוה, het hulle God geword.
- 23 Laat daarom nou, o יהוה, die woord wat U aangaande U kneg en sy huis gepraat het, vasgestel word vir ewig en doen soos U gesê het
- 24 en laat U werke vir ewig bevestig word en U Naam vir ewig in die wêreld opgelig word sodat die mense sal sê: ‘יהוה-Tzva’ot is die God van Yisra'el’ en laat die huis van Dawid, U dienskneg, vir ewig voor U bevestig word,
- 25 want U, my God, het U geheim aan U dienskneg openbaar en vir hom gesê: ‘Bou vir jouself 'n huis;’ daarom het U dienskneg in sy binneste besluit om hierdie gebed in U Teenwoordigheid te bid.
- 26 Nou, o יהוה, U is God en al U woorde is waar, waarmee U al hierdie goedheid aan U dienskneg belowe het.

27 Openbaar Uselſ dan nou deur die huis van U dienskneg te seën sodat dit altyd voor U sal wees, want U, יהוה, het gepraat en deur U seëning sal al die huise van regverdiges altyd geseënd wees.”

18 1 Na hierdie dinge het dit gebeur dat Dawid die F'lishtyne verslaan, hulle vernietig en die krag uit hulle hande geneem het en hy het Gat met sy dorpies rondom uit die hand van die F'lishtyne geneem.

2 Hy het ook vir Mo'av verslaan en die Mo'aviete het Dawid se diensknegte geword, wat belasting betaal het.

3 Dawid het ook vir Hadad'ezer, die koning van Tzovah, verslaan terwyl hy gegaan het om sy outoriteit tot by die Eufraatrivier te bevestig.

4 Dawid het 'n duisend strydwaens en sewe duisend perderuiters van hom afgevat en Dawid het al die strydwaens se perde se hakskeenseninge afgesny, maar 'n honderd strydwaens laat oorbly.

5 Toe die Edomiete en Arameërs van Dammesek gekom het om Hadad'ezer, koning van Tzovah, te help, het Dawid twee en twintig duisend van die Edomiete verslaan.

6 Toe het Dawid goewerneurs in Dammesek aangestel en die Arameërs het Dawid se diensknegte geword en belasting betaal. So het יהוה vir Dawid bewaar en oral waar hy gegaan het, die oorwinning gegee.

7 Dawid het die goue skilde gevat wat aan Hadad'ezer se diensknegte se perde gehang het en dit na Yerushalayim gebring.

8 Net so ook uit Betag en Berotai, stede van Hadad'ezer, het Dawid ontsaglik baie koper weggevat, waarmee Shlomo die koper see, die pilare van koper en die koper gereedskap in oorvloed gemaak het.

9 To'i, die koning van Hamat, het gehoor dat Dawid die hele leërmag van Hadad'ezer, koning van Tzovah, verslaan het

10 en hy het vir Yoram, sy seun, na koning Dawid gestuur om na sy welstand te vra en hom geluk te wens omdat hy teen Hadad'ezer geveg en hom verslaan het, want Hadad'ezer was 'n dapper soldaat. Yoram het allerhande voorwerpe van goud, silwer en koper by hom gehad.

11 Koning Dawid het ook sommige hiervan tot יהוה afgesonder saam met al die silwer en goud wat hy van al die nasies afgevat het wat hy onderwerp het: vanaf die Edomiete, vanaf die Mo'aviete, vanaf die seuns van 'Ammon, vanaf die F'lishtyne en van die 'Amalekiete.

12 Verder het Avishai, die seun van Tz'ruyah, broer van Yo'av, agttien duisend Edomiete in die Vallei van Sout verslaan.

13 Dawid het goewerneurs oor die Edomiete aangestel en al die Edomiete het Dawid se diensknegte geword. So het יהוה vir Dawid bewaar, oral waar hy gegaan het.

14 Dawid het oor die hele Yisra'el regeer en regverdige oordeel en regverdigheid uitgeoefen vir die hele volk.

15 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, was oor die weermag en Y'hoshafat, die seun van Agilud, was griffier.

16 Tzadok, die seun van Agituv en Avimelekh, die seun van Evyatar, was die priesters en S'rayah was skrywer.

17 B'nayahu, die seun van Y'hoyadah, was oor die persoonlike wagte en die boodskappers en die seuns van Dawid was prinse in die ryk.

19 1 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Nagash, koning van die seuns van `Ammon, sterf en sy seun, Hanun, het in sy plek geheers.

2 Toe sê Dawid: "Ek sal guns bewys aan Hanun, die seun van Nagash, net soos sy vader aan my guns bewys het;" daarom het Dawid boodskappers gestuur om hom te troos oor sy vader. Dawid se diensknegte het in die land van die seuns van `Ammon, by Hanun, aangekom om hom te troos,

3 maar die prinse van die seuns van `Ammon het vir Hanun, hulle meester, gesê: "Dink u dat Dawid werklik u vader geëer het terwyl hy geleef het en waarlik troosters na u gestuur het? Dit is om op die stad te spioeneer en die ingange en uitgange te bestudeer dat Dawid sy diensknegte gestuur het."

4 Hanun het die diensknegte van Dawid gevat en die helfte van hulle baard en kop afgeskeer en hulle klere in die helfte gesny tot by die sitvlak en hulle weggestuur.

5 Toe hulle Dawid vertel het, het hy manne gestuur om hulle te ontmoet, want die manne was baie skaam en die koning het vir hulle gesê: "Bly in Yerigo totdat julle baarde weer gegroei het en kom dan terug.

6 Toe die seuns van `Ammon sien dat hulle hul by Dawid se diensknegte gehaat gemaak het, het Hanun en die seuns van `Ammon 'n duisend talente silwer gestuur om vir hulle strydwaens en perderuiters uit Aram-Naharayim, Aram-Ma'akhah en uit Tzovah te huur.

7 Hulle het vir hulle twee en dertig duisend perderuiters, die koning van Ma'akhah, die koning van Aram-Naharayim met sy manskappe en die koning van Edom en al hulle leërmagte gehuur en hulle het voor Me'ideva kamp opgeslaan. Die seuns van `Ammon het bymekaargekom vanuit hulle stede om te veg.

8 Dawid het dit gehoor en Yo'av met die hele leër van magtige manne gestuur.

9 Die seuns van `Ammon het uitgekom en hulle in slagorde opgestel by die poort van die stad terwyl die konings, wat gekom het en hulle leërmagte, afsonderlik in die veld was.

10 Toe Yo'av sien dat die geveg heftig van voor sowel as van agter teen hom is, het hy sommige van die dapper manne uit Yisra'el gekies en hulle teenoor die Arameërs opgestel.

11 Die res van die manskappe het hy onder bevel van sy broer Avishai gesit en hulle het hul teenoor die kinders van Ammon opgestel.

12 Hy het vir hom gesê: "As die Arameërs vir my te sterk word, dan moet jy my te hulp kom en as die kinders van Ammon vir jou te sterk word, sal ek jou kom help.

13 Wees dapper en laat ons onveranderlik sterk wees vir ons volk en vir die stede van ons God. Laat יהוה doen wat goed is in Sy oë!"

14 Yo'av en die manskappe wat by hom was het nader gegaan vir die geveg met die Arameërs en hulle het voor hom gevlug.

15 Toe die seuns van `Ammon sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook voor sy broer Avishai gevlug en die stad ingegaan. Toe het Yo'av teruggegaan na Yerushalayim.

- 16 Toe die Arameërs sien dat hulle voor Yisra'el verslaan is, het hulle boodskappers gestuur en die Arameërs uitgebring wat oorkant die Rivier was en hulle het by Heilam gekom; Shovakh, die bevelvoerder van Hadad'ezer se weermag, het voor hulle uit gegaan.
- 17 Dit is aan Dawid vertel en hy het die hele Yisra'el bymekaargemaak en teen hulle opgetrek. Hulle het die gevegsordes teen die Arameërs opgestel en met hulle geveg.
- 18 Die Arameërs het voor Yisra'el gevlug en Dawid het van die Arameërs sewe duisend strydswadrywers en veertig duisend voetsoldate doodgemaak; Shovakh, die bevelvoerder, is ook gedood.
- 19 Toe die diensknegte van Hadad'ezer sien dat hulle voor Yisra'el verslaan is, het hulle met Dawid vrede gesluit en hom gedien en die Arameërs wou die seuns van 'Ammon nie verder help nie.

20 1 Dit het gebeur in die volgende jaar, in die tyd dat die konings uittrek in geveg, dat Yo'av die leërmag gemobiliseer het en teen die land van die seuns van 'Ammon kamp opgeslaan en sommige van die stede gevat het; hy het ook gekom en Rabbah, hulle hoofstad, beleër terwyl Dawid in Yerushalayim gebly het. Yo'av het Rabbah verslaan en dit vernietig.

- 2 Dawid het die kroon van hul koning van sy kop afgehaal en dit geweeg en gevind dat dit 'n talent goud weeg en daar was edelgesteentes in. Dawid het dit op sy kop gesit en het ook baie buit uit die stad gebring.
- 3 Hy het ook die bevolking wat daarin was, uitgebring en hulle met kettings, slotte en boeie gebind. So het Dawid hulle gebind, asook almal wat in die stede van 'Ammon gevind is, maar hy het niemand van hulle doodgemaak nie en hulle gebring en in die stede van Yisra'el gevestig. Toe het Dawid met al die manskappe na Yerushalayim teruggegaan.
- 4 Na dit het dit gebeur dat daar by Gezer oorlog ontstaan het met die F'lishtyne; toe het Sibkhah, die Hushatiet, vir Saf doodgemaak wat van die nageslag van die reuse was.
- 5 Daar was weer oorlog met die F'lishtyne en Elganah, die seun van Ya'ir, het vir Lagmi, die broer van Golyat, die magtige Gittiet, wie se spiessteel soos 'n wewersbalk was, verslaan.
- 6 Daar was weer oorlog by Gat, waar 'n baie lang man was met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet, vier en twintig; hy was ook die seun van 'n reus.
- 7 Hy het Yisra'el uitgedaag, maar Y'honatan, die seun van Shim'ah, die broer van Dawid, het hom verslaan.
- 8 Hierdie vier is vir die reuse in Gat gebore en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy diensknegte.

21 1 Toe het die teëstander teen Yisra'el opgestaan en Dawid aangehits om Yisra'el te tel.

- 2 Dawid het aan Yo'av, die seun van Tz'ruyah en die prinse van die volk gesê: "Gaan tel die mense van Yisra'el vanaf Be'er-Sh'va tot by Dan en kom terug na my dat ek die getal kan weet." ^{2 Sh'm 24:1}

- 3 Yo'av het vir koning Dawid gesê: “Mag יהודה Sy volk 'n honderd maal meer maak as wat hulle is en laat die oë van my meester, die koning, dit sien, want hulle is almal u diensknegte. Waarom verlang ons meester, die koning, hierdie ding?”
- 4 Die woord van die koning het nogtans onveranderlik bly staan teenoor Yo'av, waarop Yo'av gegaan het deur die hele Yisra'el en teruggekom het na Yerushalayim.
- 5 Yo'av het die totaal van die aantal mense aan Dawid gegee en die totale seuns van Yisra'el was een miljoen, een honderd duisend voetsoldate wat die swaard uittrek en die stam van Y'hudah was vier honderd en sewentig duisend man wat die swaard uittrek.
- 6 Levi, die priesters en Binyamin het hy nie onder hulle getel nie, want die woord van die koning was vir Yo'av 'n gruwel en hy was onwillig om hulle te tel.
- 7 Hierdie saak was verkeerd in die oë van God omdat Dawid Yisra'el getel het.
- 8 Toe sê Dawid vir יהודה: “Ek het groot gesondig deurdat ek hierdie ding gedoen het, maar neem nou die skuld van u kneg weg, want ek het baie dwaas gedoen.”
- 9 Dawid het vroeg opgestaan in die oggend en die woord van יהודה het tot Gad, die profeet gekom en gesê:
- 10 “Gaan en praat met Dawid en sê: ‘So sê יהודה: Drie rampe bied Ek vir jou aan; kies vir jou een dat Ek dit aan jou kan doen.’”
- 11 Toe kom Gad by Dawid en sê vir hom: “So sê יהודה: ‘Kies vir jouself:
- 12 óf drie jaar lank hongersnood in die land, óf drie maande waarin jou vyande jou sal oorwin, jou agtervolg en oor jou heers, óf drie dae lank die swaard van יהודה in Yisra'el.’ Oorweeg nou watter antwoord jy aan Hom sal gee wat my na jou toe gestuur het.”
- 13 Daarop sê Dawid vir Gad: “Ek is in groot benoudheid; laat my in die hand van יהודה val, want Sy liefdevolle omgee is baie groot, maar laat my nie in die hande van mense oorgegee word nie.”
- 14 יהודה het 'n pes oor Yisra'el gestuur en sewentig duisend man van Yisra'el is dood.
- 15 יהודה het 'n boodskapper na Yerushalayim gestuur om dit te vernietig en terwyl hy dit vernietig, het יהודה dit gesien en dit oorweeg en die ramp afgeweer en aan die boodskapper wat vernietig het, gesê: “Jy het baie vernietig, trek nou jou hand terug!” Die boodskapper van יהודה het by die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet, gestaan.
- 16 Dawid het sy oë opgeslaan en die boodskapper van יהודה tussen die aarde en die hemel sien staan met sy ontblote swaard in sy hand oor Yerushalayim uitgestrek. Toe het Dawid en die oudstes, wat by hom was, met rouklere bedek, op hulle gesigte neergeval.
- 17 Dawid sê vir God: “Is dit nie ék wat beveel het om die volk te tel nie? Ja, dit is ek wat gesondig en baie verkeerd gedoen het, maar hierdie onskuldige skape, wat het hulle gedoen? יהודה, my God, laat U hand teen my en my vader se huis wees, maar laat die plaag ophou teen U volk.”
- 18 Toe sê die boodskapper van יהודה vir Gad, die profeet: “Gaan sê vir Dawid dat hy moet opgaan en vir יהודה 'n altaar bou op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet.”

- 19 Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad wat hy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה gebring het.
- 20 Dawid het gesien dat die boodskapper wat die mense vernietig het, sy hand terughou en nie meer vernietig het nie.
- 21 Toe Dawid by Aravnah kom, het Aravnah omgedraai en Dawid gesien en hy het van die dorsvloer af uitgegaan en hom voor Dawid, met sy gesig na die grond, gebuig.
- 22 Toe sê Dawid vir Aravnah: "Gee vir my die plek van die dorsvloer sodat ek daarop vir יהוה 'n altaar kan bou; jy sal dit aan my gee vir 'n goeie prys sodat die plaag oor die volk kan ophou."
- 23 Aravnah sê vir Dawid: "Wat dit vir u en laat my meester, die koning, doen wat goed is in sy oë en ek sal ook vir u die beste as brandoffers gee, die dorsleë as hout en die koring as 'n graanoffer; ek sal alles gee wat nodig is."
- 24 Koning Dawid het vir Aravnah gesê: "Nooit nie, maar ek sal dit verseker koop vir die volle prys, want ek wil nie wat aan jou behoort, vir יהוה as offer aanbied sonder koste, nie."
- 25 Dawid het die plek van Aravnah vir vyftig sikkels goud gekoop.
- 26 Dawid het daar vir יהוה 'n altaar gebou en brandoffers en vredesoffers van lammers gebring en gebid tot יהוה en Hy het hom met vuur uit die hemel geantwoord en die brandoffer, wat op die altaar was, verteer.
- 27 יהוה het die boodskapper beveel en hy het sy swaard in die skede terug gesteeek.
- 28 In dié tyd, toe Dawid sien dat יהוה hom geantwoord het op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet, het hy baie offers daar geoffer,
- 29 want hy het die Tabernakel van יהוה, wat Mosheh in die woestyn gemaak het, daar opgeslaan. ^{2 Kro 3:1}
- 30 In daardie tyd was Dawid baie bang en kon hy nie in die Teenwoordigheid van יהוה bid nie, want hy was bang weens die swaard van die boodskapper van יהוה.
- 22** 1 Toe het Dawid gesê: "Hierdie is die huis van יהוה-God en hierdie is die altaar vir die brandoffers van Yisra'el."
- 2 Dawid het bevel gegee om al die proseliete wat in die land van Yisra'el was, bymekaar te maak om sommige van hulle klipkappers te maak om klippe te kap vir die huis van יהוה
- 3 en sommige van hulle smede te maak om yster te smee om byle en handbyle te maak om die klippe te kap. Dawid het yster en koper stawe voorberei in oorvloed, sonder om dit te weeg,
- 4 ook sederbome in oorvloed, want die Tzidoniërs en die Tzoriërs het vir Dawid baie sederhout gebring.
- 5 Dawid het gesê: "My seun Shlomo is nog jonk en dit word aangaande hom in die Boekrol gesê dat hy 'n huis vir יהוה sal bou, wat buitengewoon manjifiek sal wees, bekend en tot lof en eer regdeur alle lande; ek sal vir hom alles wat nodig is voorberei terwyl ek leef. Dawid het alles voorberei wat nodig was vir die huis en niks het gekort nie.
- 6 Toe het hy sy seun Shlomo geroep en vir hom gesê:

- 7 “Jy moet ’n huis bou vir יהוה, God van Yisra’el,
 8 want Hy het deur ’n profeet vir my gesê: ‘Jy het bloed in oorvloed vergiet en groot oorloë gevoer: jy mag nie vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou nie, want jy het baie bloed op die aarde vergiet voor My.
 9 Let op, ’n seun sal vir jou gebore word; hy sal ’n man van vrede wees en Ek sal hom rus gee van al sy vyande rondom, want Shlomo ^{2 Sh'm 12:25} sal sy naam wees en daar sal rus en vrede vir Yisra’el wees in sy dae.
 10 Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou en hy sal vir My ’n seun wees en Ek sal vir hom ’n Vader wees. Ek sal die troon van sy koninkryk oor Yisra’el bevestig tot in ewigheid.’
 11 Nou, my seun, יהוה is by jou sodat jy voorspoedig kan wees en die huis van יהוה, jou God, bou soos Hy aan my gesê het.
 12 Mag יהוה jou net wysheid en insig gee en jou aanstel oor Yisra’el sodat jy die wet van יהוה, jou God, sal onderhou, net soos Hy jou beveel het, ^{2 Kro 1:10}
 13 dan sal jy voorspoedig wees, as jy versigtig is om hierdie opdragte, die instellings en die regverdige oordele te onderhou net soos יהוה aan Mosheh opdrag gegee het om Yisra’el te leer; dan sal jy sterk en dapper wees. Moenie vrees of moedeloos wees nie.
 14 Let op, ek het vir jou alles voorberei vir die bou van die huis van יהוה. Ek het ’n honderd duisend talente goud, ’n miljoen talente silwer en yster en koper sonder gewig, niemand ken hulle gewig nie, want dit is in groot oorvloed, vir jou voorberei; ook hout en klippe het ek voorberei en jy kan nog daar byvoeg.
 15 Verder is daar ook ’n oorvloed werkers by jou: klipkappers, ambagsmanne en bouers;
 16 bekwame manne vir elke soort werk met goud, silwer, koper en yster in oorvloed. Wees sterk en doen die werk en יהוה sal by jou wees!” ^{Y'ho 1:9}
 17 Dawid het al die oudstes van Yisra’el bevel gegee om sy seun Shlomo te help en gesê:
 18 “Let op, יהוה, julle God, is by julle en Hy sal julle help en verligting gee aan elke kant. Let op, Hy het al die inwoners van die land in julle hand gegee en die land is voor יהוה en voor sy volk onderwerp.
 19 Rig nou julle verstand, wil en emosie en julle lewe daarop om tot יהוה, julle God, te bid. Maak julle nou gereed en bou die Afgesonderde Plek van יהוה-God en bring die ark waarin die verbond van יהוה, ons God, is en die afgesonderde voorwerpe van יהוה, ons God in die huis wat vir Sy groot Naam (Karakter en Outoriteit), waarby ons geken word, gebou word.
- 23** 1 Toe Dawid oud en vol van dae was, het hy sy seun Shlomo koning oor Yisra’el gemaak.
 2 Hy het al die oudstes van die priesters en die Leviete bymekaar laat kom.
 3 Die Leviete is getel, vanaf dertig jaar oud en ouer en hulle getal was, man vir man, agt en dertig duisend.
 4 Uit hulle het Dawid toesighouers aangestel oor die werk aan die huis van יהוה, vier en twintig oor elke duisend werkers en registers en skrywers, ses oor elke honderd werkers:

- 5 om toesig te hou oor die werk sodat dit gedoen word, om toesig te hou oor die voorrade en werk en om rekskap te gee van die rykdom en die aalmoese wat hulle aan die armes gegee het.
- 6 Dawid het administrateurs en bestuurders oor die armes en behoeftiges aangestel om aan die armes te voorsien en uit te deel, een persoon oor elke tien en hulle het niks tekort gekom nie. Dawid het hulle aangestel volgens hulle afdelings, volgens die seuns van Levi: Gershon, K'hat en M'rari.
- 7 Van die Gershoniete: La'dan en Shim'i.
- 8 Die seuns van La'dan was: die eersgeborene, Yegi'el, dan Zetam en Yo'el, drie.
- 9 Die seuns van Shim'i was: Shlomit, Hazi'el en Haran, drie; dit was die hoofde van die vaders van La'dan.
- 10 Die seuns van Shim'i was: Yagat, Zavdah, Ye'ush en B'ri'ah; dit was die vier seuns van Shim'i.
- 11 Yagat was die eersgeborene en Zavdah die tweede, maar Ye'ush en B'ri'ah het nie baie seuns gehad nie en is daarom in hulle vader se afdeling as een gesit.
- 12 Die seuns van K'hat was: 'Amram, Yitz'har, Hevron en 'Uzi'el, vier.
- 13 Die seuns van 'Amram was Aharon en Mosheh en Aharon is gekies om in die Mees Afgesonderde Plek te bedien, hy en sy seuns, vir ewig, om wierook voor יְהוָה te brand, Hom te bedien en om vir ewig in Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te seën.
- 14 Mosheh, die profeet van God, se seuns is by die stam van Levi genoem.
- 15 Die seuns van Mosheh was Gershom en Eli'ezer.
- 16 Die seun van Gershom was Sh'vu'el, die eersgeborene.
- 17 Die seun van Eli'ezer was Regavyah, die eersgeborene en Eli'ezer het nie ander seuns gehad nie, maar die seuns van Regavyah was Rivvi, die eersgeborene.
- 18 Die seun van Yitz'har: Shlomit, die eersgeborene.
- 19 Die seuns van Hevron: Yeriyahu, die eersgeborene, Amaryah, die tweede, Yagzi'el, die derde en Y'kam'am, die vierde.
- 20 Die seuns van 'Uzi'el: Mikhah, die eersgeborene en Yishiyah, die tweede.
- 21 Die seuns van M'rari: Magli en Mushi. Die seuns van Magli: El'azar en Kish.
- 22 El'azar het gesterf en geen seuns gehad nie, net dogters en die seuns van hulle oom, Kish, het hulle as vroue geneem.
- 23 Die seuns van Mushi was Magli, 'Eder en Yeremot, drie.
- 24 Dit was die seuns van Levi, volgens die huise van hulle vaders, die hoofde van die huise, soos hulle getel is volgens die getal name, man vir man, wat die toesighouers was oor die dienswerk in die huis van יְהוָה, vanaf twintig jaar oud en ouer,
- 25 want Dawid het gesê: "יְהוָה, die God van Yisra'el, het aan Sy volk rus gegee en Hy bly in Yerushalayim vir ewig."
- 26 Hy het ook vir die Leviete gesê dat hulle nie meer die Tabernakel en al sy voorwerpe vir sy diens hoef te dra nie. Num 7:9; 2 Kro 35:3
- 27 Volgens die laaste woorde van Dawid moes die Leviete getel word, van twintig jaar oud en ouer,
- 28 want hy het hulle aangestel in die taak om die seuns van Aharon te help en toesighouers te wees in die huis van יְהוָה, oor hulle wat met reguit en gedraaide horings blaas en oor die kamers waarin die afgesonderde voorwerpe van יְהוָה gestoor word

29 en oor die brode van die Teenwoordigheid en die fyn meel vir die graanoffer en oor die ongesuurde koeke en oor almal wat dank offer en sing
30 sodat hulle elke oggend vroeg opstaan om יְהוָה te dank en te prys en net so saans;
31 om ook die brandoffers tot יְהוָה voortdurend op Shabbatte, op die nuwemane en op die vasgestelde feeste te bring; volgens die getalle wat daarvoor bevel is.
32 Hulle het ook bevel gehad oor die voorwerpe van die Tent van Ontmoeting en bevel oor die voorwerpe van die Afgesonderde Plek en onder bevel van die seuns van Aharon, hulle broers, wanneer hulle nodig was om te bedien in die huis van יְהוָה.

24 1 Hierdie is die afdelings van die seuns van Aharon. Die seuns van Aharon was Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.

2 Nadav en Avihu het egter in hulle vader se leeftyd gesterf en het geen seuns gehad nie; daarom het El'azar en Itamar die priestersamp bedien.

3 Dawid het hulle ingedeel, beide Tzadok, uit die seuns van El'azar en Agimelekh, uit die seuns van Itamar, volgens hulle ampte in hul diens.

4 Daar is meer hoofde gevind van die seuns van El'azar as van die seuns van Itamar en daarom het hy hulle verdeel: vir die seuns van El'azar sestien hoofde van hul vaders se huise en vir die seuns van Itamar, volgens hulle families, agt.

5 Hy het hul deur die lot verdeel, beide families dieselfde, want hulle was die leier-priesters van die Afgesonderde Plek en outoriteit oor die priesters, beide oor die seuns van El'azar en oor die seuns van Itamar.

6 Sh'ma'yah, die seun van N'tan'el, die skrywer, 'n Leviet, het hulle opgeskryf in die teenwoordigheid van koning Dawid, die oudstes van Yisra'el, Tzadok, die priester en Agimelekh, die seun van Evyatar en die hoofde van die vaders van die priesters en die Leviete; een hoof familie is gegee vir El'azar en een vir Itamar.

7 Die eerste lot het geval vir Y'hoyariv, die tweede vir Y'da'yah,

8 die derde vir Harim, die vierde vir S'orim,

9 die vyfde vir Malkiyah, die sesde vir Miyamin,

10 die sewende vir Hakkotz, die agtste vir Aviyah,

11 die negende vir Yeshua, die tiende vir Sh'kanyahu,

12 die elfde vir Elyashiv, die twaalfde vir Yakim,

13 die dertiende vir Huppah, die veertiende vir Yeshev'av,

14 die vyftiende vir Bilgah, die sestiende vir Immer,

15 die sewentiende vir Hezir, die agttiende vir HaPitzetz,

16 die negentiende vir P'tagyah, die twintigste vir Yegezk'el,

17 die een en twintigste vir Yakhin, die twee en twintigste vir Gamul,

18 die drie en twintigste vir D'layahu en die vier en twintigste vir Ma'azyahu.

19 Hierdie was hulle nommers volgens hulle diens, om in die huis van יְהוָה in te gaan volgens die instellings, soos voorgeskryf deur die raad van hul vader Aharon, soos יְהוָה, die God van Yisra'el, hom beveel het.

20 Die res van die seuns van Levi was hierdie: van die seuns van 'Amram: Sh'vu'el; van die seuns van Sh'vu'el: Yegd'yah.

21 Van die seuns van Regavyahu: Yishiyah, die eersgeborene,

- 22 dan Zahor en Shlomot; van die seuns van Shlomot: Yagat,
 23 Yirmeyahu, Yagzi'el en Y'kam'am.
- 24 Van die seuns van 'Uzi'el: Mikhah; van die seuns van Mikhah: Shamir en Yishiyah.
- 25 Van die seuns van Yishiyah: Z'kharyahu.
- 26 Die seuns van M'rari was Magli en Mushi; die seun van Ya'aziyahu: Beno.
- 27 Die seuns van M'rari deur sy seun Ya'aziyahu was Beno, Shoham, Zakkur en 'Ivri.
- 28 Van Magli: El'azar wat geen seuns gehad het nie.
- 29 Van Kish, die seun van Kish was Yeragme'el.
- 30 Ook die seuns van Mushi: Magli, 'Eder en Yerimot. Hierdie was die seuns van die Leviëte volgens hulle families.
- 31 Hulle het ook die lot gewerp net soos hulle broers, die seuns van Aharon, in die teenwoordigheid van koning Dawid, Tzadok, Agimelekh en die hoofde van die huise van die vaders van die priesters en van die Leviëte en ook die hoofvaders oor hulle jonger broers.
- 25** 1 Dawid en die prinse van die stamme het Heman en Y'dutun, die seuns van Azram, sy seun, afgesonder vir die diens van Asaf. Hierdie is die Leviëte volgens die families van hulle vaders en hulle het ook die lot gewerp net soos hulle broers, die seuns van Aharon, in die teenwoordigheid van koning Dawid, Tzadok, Agimelekh en die hoofde van die huise van die vaders van die priesters en van die Leviëte. Die jonger en ouer broers is gelyk gereken in getal en die getal werkers volgens hulle diens was,
- 2 van die seuns van Asaf: Sakkur, Yosef, N'tanyah en Asar'elah; die seuns van Asaf wat die koning onder Y'dutun geplaas het as sangers;
- 3 van die seuns van Y'dutun was G'dalyahu, Tzeri, Yesha'yahu, Hashavyahu, Mattityahu en Y'dutun, ses, onder leiding van hulle vader Y'dutun wat gesing het met die harp en dank gebring het aan יהוה;
- 4 van Heman, die seuns van Heman was Bukiyahu, Mattanyahu, 'Uzi'el, Sh'vu'el, Yerimot, Hananyah, Hanani, Eli'atah, Giddalti en Romamti-'Ezer, Yoshb'kashah, Malloti, Hotir en Magzi'ot.
- 5 Hulle almal was die seuns van Heman, die profeet van die koning, in die woorde van God, om die horing op te lig en God het aan Heman veertien seuns en drie dogters gegee.
- 6 Hulle almal was onder leiding van hulle vader vir sang in die huis van יהוה, met simbale, instrumentale musiek en harpe, vir die diens in die huis van God volgens die koning se bevel aan Asaf, Y'dutun en Heman.
- 7 Hulle getal, saam met hulle broers wat geoefend was in die liedere van יהוה, was twee honderd agt en tagtig.
- 8 Hulle het die lot gewerp vir hulle afdelings, die jongste saam met die oueres, die leermeester saam met die leerling.
- 9 Die eerste lot het geval vir Asaf, op Yosef;
 die tweede op G'dalyah; hy en sy broers en sy seuns was twaalf;

- 10 die derde op Zakkur; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 11 die vierde op Izri; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 12 die vyfde op N'tan'yahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 13 die sesde op Bukkiyahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 14 die sewende op Y'sar'elah; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 15 die agtste op Yesha'yahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 16 die negende op Mattanyahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 17 die tiende op Shim'i; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 18 die elfde op 'Azar'el; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 19 die twaalfde op Hashavyah; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 20 die dertiende op Shuva'el; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 21 die veertiende op Mattityahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 22 die vyftiende op Yeremot; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 23 die sestiende op Hananyahu; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 24 die sewentiende op Yoshb'kashah; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 25 die agttiende op Hanani; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 26 die negentiende op Malloti; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 27 die twintigste op Eli'atah; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 28 die een en twintigste op Hotir; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 29 die twee en twintigste op Giddalti; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 30 die drie en twintigste op Magzi'ot; sy seuns en sy broers, twaalf;
- 31 die vier en twintigste op Romanti-'Ezer; sy seuns en sy broers, twaalf.

- 26** 1 Wat die afdelings van die poortwagters betref, wat Dawid as wagte aangestel het: Meshelemyahu, van die seuns van Yosef.
- 2 Meshelemyahu het sewe seuns gehad: Z'kharyahu, die eersgeborene, Y'dia'el, die tweede, Z'vadyahu, die derde, Yatni'el, die vierde,
- 3 'Eilam, die vyfde, Y'hoganan, die sesde en Ely'ho'einaï, die sewende.
- 4 'Oved-Edom se seuns was: Sh'ma'yah, die eersgeborene, Y'hozavad, die tweede, Yo'ag die derde, Sakhar die vierde, N'tan'el die vyfde,
- 5 'Ammi'el die sesde, Yissakhar die sewende en Pe'ultai die agtste, want God het hom geseën.
- 6 Daar is ook vir sy seun Sh'ma'yah seuns gebore wat in hulle familie geheers het, want hulle was dapper magtige manne.
- 7 Die seuns van Sh'ma'yah was 'Otni, Refa'el, 'Oved en Elzavad, die magtige manne en Elihu en S'makhyahu.
- 8 Hulle almal was uit die seuns van 'Oved-Edom, hulle en hul seuns en hul broers, flukse manne, bekwaam vir die diens van die Afgesonderde Plek; twee en sestig seuns van 'Oved-Edom.
- 9 Meshelemyahu se oudste seun het seuns gehad, magtige manne, agttien.
- 10 Hosah, uit die seuns van M'rari, het seuns gehad, magtige manne: die oudste het gesterf en sy vader het die tweede in sy plek aangestel, maar nie vir hom die naam van die eerste gegee nie.

- 11 Hilkiyahu was die tweede, T'valyahu die derde en Z'kharyahu die vierde; al die seuns en broers van Hosah was dertien.
- 12 Tussen hulle was die afdelings van die poortwagters, selfs die hoofde van die vaders, wat wag gestaan het oorkant mekaar, om te dien in die huis van יהוה.
- 13 Hulle het die lot gewerp, van klein tot groot, volgens hulle families vir elke poort.
- 14 Die lot vir die ooste het op Shelemyahu geval. Toe het hulle die lot gewerp vir sy seun Z'kharyahu, 'n wyse raadgewer en sy lot het uitgekom vir die noorde;
- 15 op 'Oved-Edom vir die suide en op sy seuns vir die stoepe;
- 16 op Shupim en Hosah vir die weste, sover as tot by die poort wat gemaak is in die pad wat op loop; wag oorkant wag.
- 17 ooswaarts was ses Leviete; noordwaarts daaglik vier; suidwaarts daaglik vier en vir die stoepe twee op 'n slag.
- 18 By die oop ruimte na die weste was vier by die grootpad en twee by die oopte.
- 19 Hierdie is die afdelings van die poortwagters van die seuns van Korag en van die seuns van M'rari.
- 20 Van die Leviete was Agiyah oor die stoorkamers van die huis van יהוה en oor die stoorkamers van die afgesonderde voorwerpe.
- 21 Die seuns van La'dan, van die nageslag van Gershon, die hoofde van die vaders van La'dan, die Gershoniet: Yegi'eli.
- 22 Die seuns van Yegi'eli: Zetam en Yo'el, sy broer, wat oor die stoorkamers van die huis van יהוה was.
- 23 Van die 'Amramiete, die Yitz'hariete, die Hevroniete en die 'Uzi'eliete,
- 24 was Sh'vu'el, die seun van Gershon, die seun van Mosheh, owerste in bevel van die stoorkamers
- 25 en sy broer, Eli'ezer, sy seun Regavyahu, sy seun Yesha'yahu, sy seun Yoram, sy seun Zikhri en sy seun Shlomit.
- 26 Hierdie Shlomit en sy broers was oor al die stoorkamers van die afgesonderde voorwerpe, wat koning Dawid en die hoofde van die vaders, bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en die bevelvoerders van die weermag afgesonder het.
- 27 Sommige van die buit wat in gevegte gewen is, het hulle afgesonder om die huis van יהוה daarmee te onderhou;
- 28 ook alles wat Sh'mu'el, die profeet, Sha'ul, die seun van Kish, Avner, die seun van Ner en Yo'av, die seun van Tz'ruiyah, afgesonder het. Wie ook al enige iets afgesonder het, dit was onder beheer van Shlomit en sy broers.
- 29 Van die Yitz'hariete was K'nanyahu en sy seuns, skrywers en regters vir die sekulêre besigheid van Yisra'el.
- 30 Van die Hevroniete was Hashavyah en sy broers, dapper manne, een duisend sewe honderd, offisiere oor Yisra'el aan hierdie kant van die Yarden, weswaarts, oor al die besigheid van יהוה en in diens van die koning.
- 31 Van die Hevroniete was Yeriyah die hoof, volgens die nageslag van hulle vaders. (In die veertigste jaar van die regering van Dawid, is daar gesoek na magtige dapper manne en daar is in Ya'zer in Gil'ad gevind.)

32 Sy broers, dapper manne, twee duisend sewe honderd hoofde van die vaders, is deur koning Dawid aangestel oor die Re'ueniete, Gadiete en die halwe stam van die M'nashehiete vir enige saak van God en enige saak van die koning.

27 1 Die seuns van Yisra'el, volgens hulle getal, die hoofde van die vaders se huise, die bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en hulle goewerneys, wat die koning gedien het in al die sake van die afdelings wat maand vir maand gedurende al die maande van die jaar ingekom en uitgegaan het; elke afdeling was vier en twintig duisend.

2 Oor die eerste afdeling vir die eerste maand was Yashov'am, die seun van Zavdi'el en sy afdeling was vier en twintig duisend.

3 Hy was uit die nageslag van Peretz en was hoof van al die bevelvoerders vir die eerste maand.

4 Oor die afdeling vir die tweede maand was Dodai, die Agogiet; Miklot was die goewerneur van sy afdeling; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

5 Die derde bevelvoerder van die weermag vir die derde maand was B'nayah, die seun van Y'hoyadah, die hoofpriester; sy afdeling was vier en twintig duisend.

6 Hierdie B'nayah, was magtig onder die dertig en in bevel van die dertig offisiere en in sy afdeling was sy seun, 'Ammizavad.

7 Die vierde bevelvoerder vir die vierde maand was 'Asah'el, die broer van Yo'av en ná hom sy seun Z'vadyah; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

8 Die vyfde bevelvoerder vir die vyfde maand was Shamhut, die Yizragiet; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

9 Die sesde bevelvoerder vir die sesde maand was 'Ira, die seun van 'Ikkesh, die T'koaïet; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

10 Die sewende bevelvoerder vir die sewende maand was Helet, die P'loniet, van die nageslag van Efrayim; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

11 Die agtste bevelvoerder vir die agtste maand was Sibkhai, die Hushatiet, van die Zargiete; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

12 Die negende bevelvoerder vir die negende maand was Avi'ezer, die 'Anatotiet, van die Binyaminiete; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

13 Die tiende bevelvoerder vir die tiende maand was Mahrai, die N'tofatiet, van die Zargiete; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

14 Die elfde bevelvoerder vir die elfde maand was B'nayah, die Pir'atoniet, uit die nageslag van Efrayim; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

15 Die twaalfde bevelvoerder vir die twaalfde maand was Heldai, die N'tofatiet, vanaf 'Otni'el; sy afdeling was ook vier en twintig duisend.

16 Verder was die volgende oor die stamme van Yisra'el: prins oor die Re'ueniete was Eli'ezer, die seun van Zikhri; oor die Shim'oniete was Sh'fat'yah, die seun van Ma'akhah;

17 oor die Leviete was Hashavyah, die seun van K'mu'el; oor die Aharoniete, Tzadok;

18 oor Y'hudah was Elihu, een van Dawid se broers; oor Yissakhar was 'Omri, die seun van Mikha'el;

- 19 oor Z'vulun was Yishma'yahu, die seun van 'Ovadyah; oor Naftali was Yerimot, die seun van 'Azri'el;
- 20 oor die Efrayimiete was Hoshea, die seun van 'Azazyahu; oor die halwe stam van M'nasheh was Yo'el, die seun van P'dayah;
- 21 oor die halwe stam van M'nasheh in Gil'ad was Yiddo, die seun van Z'kharyahu; oor Binyamin was Ya'asi'el, die seun van Avner;
- 22 oor Dan was 'Azar'el, die seun van Yerogam. Hierdie was die prinse van die stamme van Yisra'el.
- 23 Dawid het hulle van twintig jaar oud en jonger nie getel nie, want יהוה het gesê dat Hy Yisra'el sou vermeerder soos die sterre aan die hemel.
- 24 Yo'av, die seun van Tz'ruyah, het begin tel, maar nie klaar gemaak nie omdat hieroor 'n toorn oor Yisra'el gekom het en die getal is ook nie opgeneem in die verslag in die Kronieke van koning Dawid nie.
- 25 'Azmawet, die seun van 'Adi'el, was oor die skatte van die koning en oor die skatte in die platteland; in die stede, in die dorpe en in die torings, was Y'honatan, die seun van 'Uziyahu.
- 26 Oor die landbou, vir die ploeg van die grond, was 'Ezri, die seun van Kalev.
- 27 Oor die wingerde was Shim'i, die Ramatiet en oor die opbrengs van die wingerde vir die wynkelders, was Zavdi, die Shifmiet.
- 28 Oor die olyfbome en die wildevyebome wat in die lae vlaktes was, was Ba'al-Hanan, die G'derahiet en oor die olievoorrade was Yo'ash.
- 29 Oor die troppe wat in Sharon gewei het, was Shitrai, die Sharoniet en oor die troppe in die valleie was Shafat, die seun van Adlai.
- 30 Oor die kamele was Ovil, die Yishma'eliet en oor die donkies was Yegd'yahu, die Meronotiet.
- 31 Oor die kleinvee was Yaziz, die Hagriet. Hulle almal was toesighouers oor die besittings van koning Dawid.
- 32 Y'honatan, Dawid se oom, was 'n raadgever; 'n man van insig en 'n skrywer en Yegi'el, die seun van Hagmoni, was by die seuns van die koning.
- 33 Agitofel was die koning se raadgever en Hushai, die Argiet, was die koning se vriend.
- 34 Ná Agitofel was Y'hoyadah se seun, B'nayah en Evyatar. Yo'av was die generaal van die koning se weermag.

28 1 Dawid het al die prinse van Yisra'el, die prinse van die stamme en die bevelvoerders van die afdelings wat die koning bedien, die bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en oppassers van al die koning en sy seuns se besittings en vee, saam met die offisiere en die dapper magtige manne, bymekaar laat kom en hulle het na Yerushalayim gekom.

2 Toe sê hy vir hulle: “Luister na my, my broers en my volk! Ek self het dit in my gehad om 'n huis van rus vir die ark van die verbond van יהוה te bou en as blyplek vir ons God en ek het alles voorberei vir die bou van die huis,

3 maar יהוה het vir my gesê: ‘Jy mag nie vir My Naam (Karakter en Outoriteit) 'n huis bou nie, want jy is 'n man van oorlog en het baie bloed vergiet.’

- 4 Nietemin, יְהוָה, die God van Yisra'el, het my uit my vader se huis gekies om vir altyd koning oor Yisra'el te wees, want Hy het uit die huis van Y'hudah die koning gekies en uit die stam van Y'hudah, my familie en vanuit die seuns van my vader het Hy my gekies om koning oor Yisra'el te wees.
- 5 Uit al my seuns, want יְהוָה het vir my baie seuns gegee, het Hy my seun Shlomo gekies om op die troon van die koninkryk van יְהוָה oor Yisra'el te sit.
- 6 Hy het vir my gesê: 'Jou seun Shlomo, hy sal My huis en My voorhowe bou, want Ek het hom gekies om My seun te wees en Ék sal vir hom 'n Vader wees.
- 7 Meer nog, Ek sal die troon van sy koninkryk vir ewig bevestig as hy voortgaan om My opdragte en My regverdige oordele te gehoorsaam, soos op hierdie dag.'
- 8 Nou daarom, voor die oë van die hele Yisra'el, die volk van יְהוָה en in die Teenwoordigheid van יְהוָה, ons God: onderhou en soek na al Sy opdragte sodat julle hierdie land vir ewig sal besit en dit as 'n erfenis aan julle kinders na julle vir ewig kan nalaat en dit nie vernietig sal word nie.
- 9 Jy, my seun Shlomo, ken alles wat יְהוָה, ons God, ons beveel het en dien Hom met 'n volmaakte verstand, wil en emosie en met 'n gewillige lewe, want יְהוָה weet alles wat in die verstand, wil en emosie is en verstaan al die verbeeldings van die gedagtes van die mens. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind, maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd wegstoot. Deut 4:29; Yir 29:13
- 10 Weet nou en let op, יְהוָה het jou gekies om 'n huis vir die Afgesonderde Plek van die Naam (Karakter en Outoriteit) van יְהוָה te bou; wees onveranderlik sterk, wees dapper en doen dit."
- 11 Dawid het aan sy seun Shlomo die planne gegee van die stoepe en die mates van die huis en van sy skatkamers en van sy boonste vertrekke, die binneste en buitenste portale, die boonste en onderste portale;
- 12 asook 'n plan vir die skatkamers en vir die kamers van diens van die huis van יְהוָה en die kamers van die kokke en die huisknegte en die kamers van hulle wat in beheer is van die lampe;
- 13 ook van die afdelings van die priesters en die Leviëte en vir al die dienswerk in die huis van יְהוָה en vir al die gereedskappe vir die diens in die huis van יְהוָה.
- 14 Hy het goud, volgens die gewig aan goud vir al die voorwerpe van elke diens; silwer vir al die silwer voorwerpe volgens die gewig, vir al die instrumente van elke diens
- 15 en die plek vir die goue kandelare en vir hulle goue lampe en die pitte daarvan en die ornamente daarvan en die houers met olie daarvan, alles opgeteken en dit vir Shlomo, sy seun, gegee,
- 16 asook die tafels van silwer en die tafels van goud; borde van silwer en borde van goud;
- 17 asook groot lepels, vleishake en bakke van silwer. Die goud van hierdie houers kon nie geweeg word nie;
- 18 vir die wierookaltaar, gelouterde goud volgens gewig; goud vir die konstruksie van die sitplek tussen die gérubs, wat hul vlerke uitsprei en die ark van die verbond van יְהוָה bedek.

19 “Al hierdie dinge,” sê Dawid, “het יהוה my laat verstaan in skrywe met Sy hand op myne, selfs al die werke van hierdie bloudrukplan.”

20 Toe het Dawid aan sy seun Shlomo gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper en doen dit. Moenie bang of mismoedig wees nie, want יהוה-God is by jou. Hy sal jou nie faal of in die steek laat nie totdat jy al die werk vir die diens van die huis van יהוה voltooi het ^{Y'ho 1:9}

21 en let op, die afdelings van die priesters en die Leviëte: ek het aan hulle die outoriteit gegee oor elke diens in die huis van יהוה en hulle is saam met jou en is in beheer van al die dienswerk en sal die werk met bekwaamheid doen, al die werk wat nodig is vir die huis van יהוה. Let op ek het oor hulle outoriteite en toesighouers aangestel sodat hulle allerhande werk kan soek en doen, wat nodig is.”

29 1 Verder het koning Dawid aan die hele vergadering gesê: “Hierdie Shlomo, my seun, is nog 'n jong man, tog het יהוה hom gekies uit al my seuns omdat hy wys is, met begrip en die werk wat aan hom gegee is, is nie klein nie, maar groot, want so 'n taak is nog nooit vir enige man gegee nie. Wees nou sterk en dapper, want die werk behoort aan יהוה, ons God.

2 Ek het uit al my krag en al my rykdom voorsien in alles wat nodig is vir die huis van יהוה, my God: goud vir die goue voorwerpe, silwer vir die silwer voorwerpe, koper vir die koper voorwerpe, yster vir die yster voorwerpe en hout vir die dinge van hout en seder vir die dinge van seder, asook edelgesteentes en përels.

3 Meer nog, alles wat nodig is vir die huis het ek uit my eie offers voorsien; ek het ook geld voorsien vir die uitgawes van die huis van my God uit my offers:

4 een miljoen talente goud, gelouterde goud, twee miljoen talente silwer, om daarmee die mure van die geboue oor te trek.

5 Goud vir die goue en silwer vir die silwer voorwerpe en vir al die werk wat deur ambagsmanne gedoen moet word sodat die werk in sy maand voltooi kan word en dat geen werk ongedaan sal bly nie, maar dat alles voltooi sal word op sy regte tyd, volgens die uitgawe daarvan.”

6 Toe het die familiehoofde, die prinse van die stamme van Yisra'el, die bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en die toesighouers oor die koning se werk, bymekaargekom

7 en gegee vir die diens van die huis van יהוה: vyf duisend talente goud, twee honderd duisend talente fyn tin vir die pype, twintig duisend talente silwer en sewentig duisend talente Korinthise koper en 'n honderd duisend talente yster.

8 Hulle het verder ook goud en silwer gewilliglik gegee in die skatkamer van die huis van יהוה, deur Gershon, die tesourier.

9 Toe was al die mense van Yisra'el bly oor al die geskenke, want Dawid het dit met 'n volmaakte verstand, wil en emosie, gewilliglik voor יהוה aangebied en Dawid was ook bly met 'n groot vreugde; daarom het Dawid groot lofprijsinge voor יהוה gesing.

10 Dawid het יהוה geloof voor die oë van die hele vergadering en Dawid het gesê: “Geseënd is U, יהוה, God van ons vader Yisra'el vir ewig en ewig,

- 11 want aan U, יְהוָה, behoort die grootheid en die mag en die lof en eer en die mooiheid en die majesteit, want U is die Heerser oor alles wat in die hemel en op die aarde is; aan U, יְהוָה, behoort die koninkryk en die wysheid, die outoriteit en die kennis.
- 12 Beide rykdom en eer kom van U en U heers oor alles. In U hand is krag en mag en dit is in U hand om alle skepsele wat U geskep het groot en sterk te maak.
- 13 Nou dank ons U, יְהוָה, ons God en lofprys U wonderlike Naam (Karakter en Outoriteit),
- 14 maar wie is ek en wat is my volk, want al my leermeesters het my geleer dat U lewenswyses ons gehelp het en U is ons versekerde verwagting, יְהוָה, ons God,
- 15 want ons is soos die spreekwoord van die wasem en die pottebakker en is vreemdelinge voor U en 'n klein volkie in die wêreld, maar U het van ouds af oor ons vaders geheers en U het hulle beveel hoe om te leef.
- 16 יְהוָה, ons God, aan U bring ons lofprijsing sodat U ons kan red van almal wat ons kwaad aandoen, want die nasies verag ons en sê: 'Waar is die God wat julle aanbid?'
- 17 Ek weet ook, my God, dat U die verstand, wil en emosie toets en behae het in opregtheid. Wat my betref, ek het al hierdie lofprijsinge gesing uit die opregtheid van my verstand, wil en emosie. Nou het ek gesien dat U volk wat hier bymekaar is, U met 'n groot blydskap lofprys en sê:
- 18 "יְהוָה, God van Avraham, Yitz'gag en Yisra'el, ons vaders het alles bewaar wat U ons vir ewig belowe het. Draai nou ons verstand, wil en emosie weg van boosheid dat ons nie voor U sal sondig nie en berei ons verstand, wil en emosie voor om U te aanbid
- 19 en gee aan my seun Shlomo 'n volmaakte verstand, wil en emosie, om U opdragte, U getuienisse en U instellings te hou en om al hierdie dinge te doen wat ek beveel het en om die tempel te bou waarvoor ek voorsien het, want U groot Naam (Karakter en Outoriteit) sal afgesonder en geprys word in die teenwoordigheid van hulle wat U aanbid, in die wêreld wat U geskep het."
- 20 Toe het Dawid aan die hele vergadering gesê: "Praat goed van יְהוָה, julle God." Die hele vergadering het יְהוָה, die God van hulle vaders, geseën en hulle het neergebuig en יְהוָה aanbid en ook vir koning Dawid geseën.
- 21 Hulle het offers en brandoffers aan יְהוָה geoffer en die volgende dag 'n duisend bulle, 'n duisend ramme en 'n duisend lammers geoffer saam met hulle drankoffers en in oorvloed vir die hele Yisra'el geoffer.
- 22 Hulle het dié dag met groot blydskap geëet en gedrink in die Teenwoordigheid van יְהוָה en hulle het Shlomo, die seun van Dawid, koning gemaak en Tzadok as priester aangestel.
- 23 Toe het Shlomo op die troon van die koninkryk van יְהוָה gaan sit as koning in die plek van sy vader Dawid en hy was voorspoedig en die hele Yisra'el het hom gehoorsaam.
- 24 Al die magtige manne en die seuns van koning Dawid het hulle aan koning Shlomo onderwerp

- 25 en יְהוֹנָדָה het Shlomo buitengewoon groot gemaak voor die oë van die hele Yisra'el en so 'n groot koninklike majesteit op hom gelê soos wat nog op geen koning van Yisra'el voor hom was nie.
- 26 So het Dawid, die seun van Yishai, Shlomo, sy seun, koning gemaak oor die hele Yisra'el.
- 27 Die tyd wat Dawid oor die hele Yisra'el regeer het, was veertig jaar. Hy het sewe jaar in Hevron regeer en drie en dertig jaar in Yerushalayim oor die hele Yisra'el en Y'hudah.
- 28 Dawid, die seun van Yishai het in 'n goeie ouderdom gesterf, oud en groot in wêreldse rykdom en eer en sy seun Shlomo het in sy plek geheers.
- 29 Die dade van koning Dawid, van die eerste tot die laaste, let op, hulle is opgeskryf in die boekrol van Sh'mu'el, die profeet en in die boekrol van Natan, die profeet en in die boekrol van Gad, die profeet,
- 30 saam met sy hele regering en sy mag en die tye wat oor hom en oor Yisra'el en oor al die koninkryke van die lande verbygegaan het. Dawid het gedoen wat goed was in die Teenwoordigheid van יְהוָה en in niks van Sy opdragte aan hom, oortree nie.

Die nege en dertigste boek van die Verbond (Tanakh)

Die dertiende boek van die Geskrifte

Divrei-HaYamim Beit

(2 Kronieke)

דברי הימים Divrei-HaYamim.
- Die woorde van die dae

Die boek is deur `Ezra, rondom 404 voor Yeshua gekom
het vanuit beide Bybelse en bronne nie in die Bybel
opgeneem nie, saamgestel.

- 1 1 Shlomo, die seun van Dawid, is onveranderlik versterk in sy koninkryk en יהוה, sy God, was by hom en het hom uitermate opgelig bo al die konings van die aarde.
- 2 Toe het Shlomo met die hele Yisra'el gepraat, met die bevelvoerders oor 'n duisend en oor 'n honderd en met die regters en met al die prinse, die familiehoofde.
- 3 Shlomo en almal wat by hom was, het na 'n groot feesmaal gegaan by die dorp Giv'on, want die Tent van Bymekaarkoms van יהוה, wat Mosheh, die kneg van יהוה, in die woestyn gemaak het, was daar. ^{1 Kon 3:4; 1 Kro 21:28,29}
- 4 Dawid het die ark van יהוה uit Kiryat-Ye'arim laat bring na die plek wat Dawid daarvoor voorberei het, want hy het 'n tent in Yerushalayim daarvoor opgeslaan.
- 5 Die koper altaar wat B'tzal'el, die seun van Uri, ^{Eks 31:2} die seun van Hur, gemaak het, was ook daar voor die tabernakel van יהוה en Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el het daarheen gegaan.
- 6 Shlomo het daar op die koper altaar, wat by die Tent van Ontmoeting was, 'n duisend brandoffers gebring.
- 7 Daardie nag het יהוה aan Shlomo verskyn in 'n visioen en vir hom gesê: "Vra wat Ek aan jou moet gee."
- 8 Shlomo het vir יהוה gesê: "U het aan my vader, Dawid, groot onverdiende guns bewys en my in sy plek laat heers.
- 9 O יהוה, my God, laat U belofte aan my vader, Dawid, bevestig word, want U het my koning gemaak oor hierdie volk, talryk soos die stof van die aarde.
- 10 Gee nou vir my wysheid en kennis sodat ek voor hierdie volk kan uit- en ingaan, want wie kan hierdie groot volk van U regeer?" ^{1 Kro 22:12}
- 11 Toe sê God aan Shlomo: "Omdat dit in jou gedagtes was en jy nie rykdom, eer en die lewe van jou vyande of 'n lang lewe begeer het nie, maar wysheid en kennis vir jouself gevra het om My volk, waaroor Ek jou koning gemaak het, te kan regeer,
- 12 gee Ek ook aan jou die dinge wat jy nie gevra het nie. Ek sal vir jou wysheid, kennis, rykdom, skatte en eer gee soos wat die konings wat voor jou was, nie gehad het nie en niemand ná jou ook sal hê nie.
- 13 Shlomo het vanaf sy reis, na die groot feesmaal van voor die Tent van Ontmoeting, wat by die dorp Giv'on, oos van Yerushalayim, was, gekom en oor die hele Yisra'el regeer.
- 14 Shlomo het strydwaens en perderuiters bymekaargemaak en hy het een duisend vier honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad, wat hy in die strydwestede en sommige by die koning in Yerushalayim gesit het. ^{Deut 17:16; 1 Kon 10:26}
- 15 Die koning het silwer in Yerushalayim so algemeen gemaak soos klippe en seders so volop soos wildevyebome wat in die Laagland is. ^{1 Kon 10:27; 2 Kro 9:27}
- 16 Die koning se handelaars het teen 'n prys vir Shlomo perde gekoop vanaf Mitzrayim en vanaf die stede van Keveh. ^{Deut 17:16; 1 Kon 10:28}
- 17 Hulle het gegaan en 'n strydwa uit Mitzrayim gebring vir ses honderd sikkels silwer en 'n perd vir 'n honderd en vyftig en so het hulle deur die koning se handelaars perde gebring vir al die konings van die Hittiete en die konings van Aram.

- 2 1 Shlomo het bevel gegee om vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה 'n tempel te bou en 'n huis vir sy koninkryk.
- 2 Shlomo het sewentig duisend mans aangestel om vragte te dra en tagtig duisend klipkappers in die berge en drie duisend ses honderd om oor hulle toesig te hou.
- 3 Shlomo het na Hiram, die koning van Tzor gestuur en gesê: “Soos wat u groot guns aan my vader, Dawid, bewys het deur aan hom seders te stuur, om vir hom 'n huis te bou om in te woon,
- 4 let op, ek bou 'n huis vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, my God, om dit tot Hom af te sonder, om soet wierook voor Hom te brand, om 'n lamp voortdurend voor Hom te laat brand en om brandoffers, oggend en aand, op die Shabbat en Nuwemane, op die vasgestelde feeste van יהוה, ons God, te bring. Dit is 'n ewige instelling vir Yisra'el.
- 5 Die huis wat ek gaan bou, sal groot wees, want ons God is groter as al die konings,
- 6 maar wie is in staat om vir Hom 'n huis te bou aangesien die hemel en die hoogste hemele Hom nie kan bevat nie? Wie is ek dan, dat ek vir Hom 'n huis kan bou, of om voor Hom soet wierook te brand?
- 7 Stuur dan nou vir my 'n bekwame man om met goud, silwer, koper, yster, purper, fyn linne en bloedrooi en persblou stowwe te werk en wat bekwaam is om te graveer, saam met die bekwame manne wat by my in Y'hudah en Yerushalayim is, wat my vader, Dawid, voorsien het.
- 8 Stuur ook vir my seder-, sipres- en sandelhout vanuit die L'vanon, want ek weet dat u diensknegte weet hoe om die seders van L'vanon te kap en let op, my diensknegte sal saam met u diensknegte wees
- 9 en vir my hout in oorvloed bring, want die huis wat ek gaan bou, sal groot en wonderbaar wees.
- 10 Ek sal skrynwerkers, wat bekwaam is in houtwerk, voorsien en kos vir u diensknegte, twintig duisend kor koring en twintig duisend kor gars en twintig duisend bat wyn en twintig duisend bat olie.”
- 11 Hiram, koning van Tzor, het Shlomo in 'n brief geantwoord en gesê: “Omdat יהוה sy volk lief het, het Hy u koning oor hulle gemaak.”
- 12 Verder het Hiram gesê: “Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, wat die hemel en die aarde gemaak het, wat aan koning Dawid 'n wyse seun gegee het, begaafd met versigtigheid en begrip, wat besluit het om 'n huis vir יהוה en 'n huis vir sy koninkryk te bou.
- 13 Ek het nou vir jou 'n bekwame man met insig gestuur, Hiram,
- 14 die seun van 'n weduwee uit die huis van Dan en sy vader was 'n bekwame man. Hy weet hoe om te werk in goud, silwer, koper, yster, klippe, hout, purperrooi en persblou stowwe, fyn linne en bloedrooi stowwe en om allerhande sleutels vir die deure te maak en om enige kunswerk te beplan wat aan hom opgedra word deur יהוה, saam met u kunstenaars en die kunstenaars van ons meester, u vader, Dawid;
- 15 daarom, laat my meester dan nou die koring, die gars, die olie en die wyn, wat hy aan sy dienskneg belowe het, stuur

- 16 en óns sal sederbome uit die L'vanon kap, net soveel as wat u begeer en ons sal dit na u toe bring as vlotte per see na Yafo; ú kan dit dan na Yerushalayim laat dra.
- 17 Toe het Shlomo al die proseliete bymekaargemaak wat in die land van Yisra'el was, volgens die telling van sy vader, Dawid en daar is een honderd drie en vyftig duisend ses honderd gevind.
- 18 Koning Shlomo het sewentig duisend van hulle vragdraers gemaak en tagtig duisend klipkappers in die berge en drie duisend ses honderd toesighouers om die mense te laat werk. ^{1 Kon 5:15}
- 3** 1 Toe het Shlomo die gebou van יהוה begin bou in Yerushalayim op die berg Moriyah waar sy vader, Dawid, voorberei het op die dorsvloer van Aravnah, die Y'vusiet. ^{Gen 22:2; 1 Kro 21:15-29}
- 2 Hy het begin om die tempel te bou in die tweede maand van die vierde jaar van sy regering.
- 3 Hierdie is die mates wat Shlomo gemeet het vir die bou van die gebou van יהוה: die lengte van die gebou volgens die standaard mate, was sestig el, die hoogte dertig el en die breedte twintig el.
- 4 Die stoep wat hy vooraan gemaak het, so lank soos die breedte van die gebou, twintig el en die hoogte twintig el en hy het dit aan die binnekant met suiwer goud oorgetrek.
- 5 Die groot vertrek het hy met sipreshout, wat hy met fyn goud oorgetrek het, bedek en die beelde van palmbome en kettings daarop uitgegraveer.
- 6 Hy het die gebou met kosbare stene versier vir mooiheid en dit alles met fyn goud oorgetrek.
- 7 Hy het ook die gebou, vanaf die voorkant van die stoep, sy mure en die deurkosyne met fyn goud oorgetrek en beelde van palmbome en blomme daarop gegraveer.
- 8 Hy het die Mees Afgesonderde Plek se vertrek gemaak; die lengte daarvan was dieselfde as die breedte van die gebou, twintig el en sy breedte, twintig el. Hy het dit oorgetrek met fyn goud van ses honderd talente.
- 9 Hy het ook die bo-vertrekke met goud oorgetrek.
- 10 In die Mees Afgesonderde Plek het hy twee gérubs gemaak van soliede materiaal en dit met fyn goud oorgetrek.
- 11 Die vlerke van die gérubs was twintig el lank; een vlerk van een gérub was vyf el en het geraak aan die muur van die gebou en die ander vlerk, ook vyf el, het geraak aan die ander gérub se vlerk.
- 12 Die vlerk van die ander gérub van vyf el het geraak aan die muur van die vertrek en die ander vlerk van vyf el was vas teen die vlerk van die ander gérub.
- 13 Hierdie gérubs se vlerke het twintig el uitgesprei en hulle het op hul voete gestaan met hul gesigte na die binnekant toe.
- 14 Hy het die bedekkingsgordyn van persblou, purper, donkerrooi en fyn linne gemaak met gérubs daarop aangebring. Hy het die ark daarbinne gesit.
- 15 Verder het hy twee groot pilare voor die gebou gemaak; agtien el lank met die pilaar kopstuk bo-op elkeen, vyf el hoog.

- 16 Hy het ook kettings gemaak van vyftig el lank en hulle op die bokant van die pilare gesit. Hy het 'n honderd granate gemaak en op die ketting gesit.
- 17 Hy het die twee pilare voor die tempel opgerig, die een aan die regterkant en die ander, links. Hy het die een aan die regterkant Yakhin genoem en die een aan die linkerkant Bo'az.
- 4** 1 Verder het hy 'n altaar van koper gemaak; twintig el was sy lengte, twintig el sy breedte en tien el sy hoogte.
- 2 Hy het ook 'n gegote see gemaak; van rand tot rand was dit tien el, rond in vorm en die hoogte daarvan was vyf el en sy omtrek dertig el.
- 3 Dit het gestaan op twaalf beeste: drie wat kyk na die noorde, drie wat kyk na die suide, drie wat kyk na die weste en drie wat kyk na die ooste toe en die see was bo-op hulle en al hulle agterstewes was binnekant toe.
- 4 Die dikte daarvan was 'n handbreedte en sy rand was rond soos die rand van 'n beker, baie mooi.
- 5 Hy het tien pale gemaak en vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant gesit om die altaar vir die brandoffer mee te dra.
- 6 Hy het tien waskomme gemaak van koper en vyf regs en vyf links gesit vir die priesters om hulle hande en voete in te was.
- 7 Hy het tien goue kandelare gemaak, volgens die voorskrif daarvan en dit in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant.
- 8 Hy het ook tien tafels gemaak en hulle in die tempel gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant en hy het 'n honderd goue komme gemaak.
- 9 Hy het ook 'n groot ruimte gemaak vir die priesters en die Leviëte en die deure en die balke met koper oorgetrek.
- 10 Hy het die see aan die regterkant van die noordelike end gesit, teenoor die suide.
- 11 Hiram het die potte, die grawe en die komme gemaak en Hiram het die werk voltooi wat hy vir koning Shlomo in die huis van God gedoen het:
- 12 twee pilare met die knoppe en die pilaarkoppe bo-op die top van die twee pilare en die twee stukke vlegwerk om die twee bolle van die pilaarkoppe, wat op die top van die pilare was, te bedek
- 13 en die vier honderd granate op die twee stukke vlegwerk, twee rye granate vir elke vlegwerk om die twee bolle van die pilaarkoppe bo-op die pilare te oordek.
- 14 Hy het ook basisse gemaak met komme op die basisse;
- 15 een see en die twaalf beeste daaronder;
- 16 die potte, die grawe en die vleishake en al hulle gereedskap het Hiram van gepoleerde koper vir koning Shlomo gemaak, vir die huis van יהוה.
- 17 In die Yardenvlakte, in die kleigrond tussen Sukkot en Tz'redah, het die koning dit gegiet.
- 18 Shlomo het al hierdie voorwerpe in oorvloed gemaak, want die gewig van hierdie koper houers wat Shlomo gemaak het, was onberekenbaar.
- 19 Shlomo het al die voorwerpe vir die huis van God van suiwer goud gemaak, asook die goue altaar en die tafels waarop die brode van die Teenwoordigheid neergesit is

- 20 en die kandelare met hulle lampe om volgens voorskrif voor die binneste vertrek te brand
- 21 en die blomwerk, die lampe en die tange het hy van goud gemaak; van die suiwerste goud
- 22 en die snuiters, komme, lepels en vuurpanne van suiwer goud. Wat die ingang van die huis betref, die binnedeure na die Mees Afgesonderde plek en die deure van die vertrek van die tempel was van goud.
- 5 ¹ Al die werk wat Shlomo vir die huis van יהוה gedoen het, was klaar en Shlomo het al die dinge ingebring wat sy vader, Dawid, afgesonder het en die silwer, die goud en al die voorwerpe het hy in die skatkamers van die huis van יהוה neergesit.
- 2 Toe het Shlomo al die oudstes van Yisra'el, die stamhoofde en die familiehoofde van die seuns van Yisra'el, in Yerushalayim bymekaar laat kom om die ark van die verbond van יהוה uit die stad van Dawid, dit is Tziyon, te bring, ^{1 Kon 8}
- 3 waarby al die manne van Yisra'el hulle by die koning in Yerushalayim vergader het op die fees van Sukkot, wat in die sewende maand is.
- 4 Al die oudstes van Yisra'el het gekom en die priesters het die ark opgetel
- 5 en die ark, die tent van ontmoeting en al die afgesonderde voorwerpe wat in die tent was, dit het die Leviete en die priesters gebring.
- 6 Koning Shlomo en die hele vergadering van Yisra'el wat by hom bymekaar was voor die ark, het hulle kleinvee en beeste geoffer wat vanweë die menigte nie getel of bereken kon word nie.
- 7 Toe het die priesters die ark van die verbond van יהוה na sy plek in die Mees Afgesonderde Plek gebring, onder die vlerke van die gérubs,
- 8 want die gérubs het hulle vlerke uitgesprei oor die plek van die ark en die gérubs het die ark en sy draagbalke van bo af bedek.
- 9 Die draagbalke was so lank dat die punte van die draagbalke, van onder die ark, vanuit die binneste vertrek gesien kon word, maar hulle was nie sigbaar van buite af nie en daar het hulle gebly tot vandag toe.
- 10 Daar was niks in die ark nie behalwe die twee tafels wat Mosheh daar ingesit het, wat hy vanaf Horev gebring het, dieselfde verbond wat יהוה met die seuns van Yisra'el gesluit het toe hulle uit Mitzrayim uitgekom het.
- 11 Dit het gebeur dat die priesters uit die Afgesonderde Plek uitgegaan het, want al die priesters wat daar was, het in die Afgesonderde Plek ingegaan,
- 12 ook die Leviete wat sangers was, van Asaf, Heman en Y'dutun, met hulle seuns en hulle broers, aangetrek in wit linne, met simbale, instrumente en harpe, aan die oostekant van die altaar en saam met hulle 'n honderd en twintig priesters wat op die trompette blaas;
- 13 die trompetblasers en die sangers was saam soos een sodat een klank gehoor is om יהוה te prys en te dank. Toe hulle hul stemme oplig saam met die trompette, die simbale en die musiekinstrumente, om יהוה te loof en te sê: "Hy is goed, Sy onverdiende guns duur vir ewig," is die huis van יהוה met 'n wolk gevul.
- 14 Die priesters kon nie staan om te bedien as gevolg van die wolk nie, want die huis van יהוה was gevul met die helderheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.

- 6 1 Toe het Shlomo gesê: “יהוה, U het verklaar dat U in die digte wolk sal bly,
2 maar ek het vir U ’n blyplek gebou en ’n plek vir U om ewig in te bly.”
3 Toe draai die koning sy gesig om en seën die hele vergadering van Yisra’el terwyl
die hele vergadering van Yisra’el staan.
4 Hy het gesê: “Geseënd is יהוה, die God van Yisra’el, wat met Sy eie mond met my
vader, Dawid, gepraat het en met Sy woord vervul het wat Hy belowe en gesê het:
5 ‘Vanaf die dag dat Ek My volk uit die land van Mitzrayim uitgebring het, het Ek
geen stad gekies uit al die stamme van Yisra’el om ’n huis te bou sodat My Naam
(Karakter en Outoriteit) daar sou wees nie,
6 maar Ek het Yerushalayim gekies sodat My Naam (Karakter en Outoriteit) daar sou
wees en Ek het Dawid gekies om koning oor My volk Yisra’el te wees.’
7 Dit was in die verstand, wil en emosie van my vader, Dawid, om ’n huis te bou vir
die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, die God van Yisra’el,
8 maar יהוה het vir my vader, Dawid, gesê: ‘Dat dit in jou verstand, wil en emosie was
om vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis te bou, dit was goed dat dit in jou
verstand, wil en emosie was,
9 nogtans sal jy nie die huis vir My Naam (Karakter en Outoriteit) bou nie, maar jou
seun wat uit jou lendene sal voortkom, hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit)
die huis bou.’
10 יהוה het volgens Sy woord, wat Hy gesê het, gedoen, want ek het opgestaan in die
plek van Dawid, my vader en ek sit op die troon van Yisra’el, soos יהוה belowe het
en ek het die huis gebou vir die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, die God
van Yisra’el
11 en ’n plek vir die ark voorberei waarin die verbond van יהוה is, wat Hy met ons
vaders gesluit het, toe Hy hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het.”
12 Shlomo het opgestaan voor die altaar van יהוה in die teenwoordigheid van die hele
vergadering van Yisra’el en sy hande uitgesprei na die hemel,
13 want Shlomo het ’n koper verhoog gemaak en dit in die middel van die oopte
opgestel; vyf el lank, vyf el breed en drie el hoog; hy het daarop gaan staan en op sy
knieë neergebuig voor die hele vergadering van Yisra’el en sy hande na die hemel
uitgesprei in gebed
14 en gesê: “יהוה, God van Yisra’el, daar is niemand soos U nie, U is יהוה wat in
die hemele daar bo bly en U wil word op die aarde, hier onder, uitgevoer, U hou
U verbond en bewys onverdiende guns aan U diensknegte wat met hulle hele
verstand, wil en emosie opreg voor U lewe,
15 U wat vir U kneg, my vader, Dawid, U belofte nagekom het; U het met U mond
gepraat en met U wil volbring, soos dit vandag is;
16 daarom, nou, יהוה, God van Yisra’el, hou ook U belofte wat U aan U dienskneg,
my vader, Dawid, gedoen het, deur te sê: ‘Daar sal vir jou nooit ’n man voor My
ontbreek om te sit op die troon van Yisra’el nie, as jou seuns net sal oplet op hulle
lewenswyse om te leef in My wet soos wat jy voor My geleef het.
17 Laat dan nou, יהוה, God van Yisra’el, U woord bevestig word wat U vir U dienskneg,
Dawid, gesê het,

- 18 want in waarheid het יְהוָה Sy blyplek by Sy volk, Yisra'el gemaak op aarde. Let op, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het!
- 19 Gee dus aandag aan die gebed van U kneg en aan sy smeking, יְהוָה, my God, deur te luister na die gebed en smeking wat U kneg op hierdie dag voor U bid
- 20 dat hierdie huis in U Teenwoordigheid mag bly, dat U sal hoor en luister na die gebed van wie ook al tot U sal bid in hierdie huis, dag of nag, die plek waar U gesê het dat U sal bly.
- 21 Hoor en luister dan na die gebed van U dienskneg en van U volk Yisra'el wat hulle in U Teenwoordigheid, in hierdie plek sal bid; hoor vanaf U blyplek, vanuit die hemel en wanneer U hoor, vergewe.
- 22 As iemand sy naaste te na sou kom en hulle hom 'n eed laat aflê en hy kom en sweer voor U altaar in hierdie huis,
- 23 hoor dan uit die hemel sy gebed, tree op en oordeel U diensknegte, deur die skuldige te vergeld deur sy skuld op sy eie kop af te bring en die regverdige onskuldig te verklaar deur hom te beloon volgens sy onpartydige opregtheid.
- 24 As U volk, Yisra'el, verslaan word voor 'n vyand omdat hulle teen U gesondig het en hulle keer terug na U en bely U groot Naam (Karakter en Outoriteit) en bid en smeeke voor U Teenwoordigheid in hierdie huis,
- 25 hoor dan uit die hemel en vergewe die sonde van U volk Yisra'el en bring hulle terug na die land wat U aan hulle en hulle vaders gegee het.
- 26 Wanneer die hemel toegesluit is en daar geen reën is nie omdat hulle teen U gesondig het en hulle tog in U Teenwoordigheid in hierdie plek tot U bid en U groot Naam (Karakter en Outoriteit) bely en wegdraai van hulle sonde wanneer U hulle teister,
- 27 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en vergewe die sondes van U diensknegte en van U volk Yisra'el, wanneer U hulle die goeie pad leer waarin hulle moet loop en reën van seën stuur op die land wat U aan U volk gegee het as 'n erfenis.
- 28 As daar hongersnood in die land is, as daar pes is, as daar brandkoring of heuningdou, sprinkane of ruspes is, as hulle vyande hul beleër in die stede in hulle land, watter probleem of watter siekte daar ook al is,
- 29 dan, watter gebed, watter smeking ook al deur enige mens of deur U hele volk Yisra'el gedoen sal word, wanneer elkeen sy eie probleem sal verklaar en sal kom en sy hande in hierdie huis uitsprei,
- 30 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en vergewe hulle sonde en gee aan elke mens wie se verstand, wil en emosie U ken, volgens al sy wandel, want U alleen ken die verstand, wil en emosie van al die mensekinders
- 31 sodat hulle U respekvol kan vrees om voor U te lewe in U lewenswyse, solank hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.
- 32 Verder, wat die vreemdelinge betref wat nie deel van U volk Yisra'el is nie, maar uit 'n ver land kom ter wille van U groot Naam (Karakter en Outoriteit), U sterke hand en U uitgestrekte arm, as hulle kom en op daardie dag in U Teenwoordigheid in hierdie huis bid,

- 33 hoor dan vanuit U blyplek, vanuit die hemel en doen volgens alles wat die vreemdeling voor U bid sodat al die volke van die aarde U Naam (Karakter en Outoriteit) mag ken en U aanbid soos U volk Yisra'el en dat hulle mag weet dat hierdie huis wat ek gebou het, in U Naam (Karakter en Outoriteit) genoem word.
- 34 As U volk uitgaan in oorlog teen hulle vyande op die pad waarop U hulle sal stuur en hulle bid tot U in die rigting van hierdie land wat U aan hulle vaders gegee het, of na hierdie stad wat U gekies het, of na hierdie huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
- 35 hoor dan vanuit die hemel hulle gebed en hulle smeking en bepleit hulle saak.
- 36 As hulle teen U sondig, want daar is geen mens wat nie sondig nie en U is kwaad vir hulle en gee hulle oor aan hulle vyande en hulle vat hulle weg as gevangenes na 'n land, ver of naby
- 37 en as hulle tog terugdraai na U en in die land waarheen hulle weggevat is bid en sê: 'Ons het gesondig, ons het U getart tot woede en boos opgetree'
- 38 en hulle in die land van hul gevangenskap, waarheen hulle weggevat is, na U toe terugdraai met hul hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe en hulle bid in die rigting van hulle land wat U aan hulle vaders gegee het en van die stad wat U gekies het en van die huis wat ek vir U Naam (Karakter en Outoriteit) gebou het,
- 39 hoor dan uit die hemel, uit U blyplek, hulle gebed en hulle smeking en erken hulle saak en vergewe U volk wat teen U gesondig het.
- 40 Nou, o my God, laat U oë oop wees en U ore luister na die gebed wat in hierdie plek gemaak word.
- 41 Staan nou op, יהוה-God, in U rusplek, U en die ark van U sterkte! Laat U priesters, יהוה-God, met verlossing aangetrek wees en laat U regverdige manne hulle verheug in U goedheid.
- 42 יהוה-God, draai nie die gesig van U gesalfde een weg nie; onthou die onverdiende guns aan U dienskneg, Dawid!"
- 7** 1 Net toe Shlomo klaar gebid het, het die vuur uit die hemel afgekom en die brandoffer en die hout verteer en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis gevul
- 2 en die priesters kon nie in die huis van יהוה ingaan nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die huis van יהוה gevul.
- 3 Toe al die kinders van Yisra'el sien hoe die vuur afkom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה die huis vul, het hulle neergebuig op die plaveisel met hulle gesigte op die grond en het aanbid en vir mekaar gesê: "Lofprys יהוה", want Hy is goed, Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig."
- 4 Toe het die koning en die hele volk offers gebring in die Teenwoordigheid van יהוה.
- 5 Koning Shlomo het 'n offer gebring van twee en twintig duisend beeste en 'n honderd en twintig duisend kleinvee. So het die koning en die hele volk die huis van God ingewy ^{1 Kon 8:63}

- 6 terwyl die priesters op hulle poste was en die Leviëte met musiekinstrumente יְהוָה geloof het en dit is wat hulle in hulle lofprijsing gesê het, deur die liedere van Dawid: “Loof יְהוָה met uitgestrekte hande, want Hy is goed, Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.” ^{Ps 136} Die priesters het met gedraaide en reguit trompette geblaas en die hele Yisra'el het gestaan.
- 7 Shlomo het die middel van die ruimte afgesonder wat voor die huis van יְהוָה was, want daar het hy brandoffers en die vetstukke van die vredesoffers geoffer omdat die koper altaar wat Shlomo gemaak het, te klein was om die brandoffer, die graanoffer en die vet te hou.
- 8 Shlomo het ook in daardie tyd die fees gehou vir sewe dae en die hele Yisra'el saam met hom, 'n baie groot vergadering. Die mense het vanaf Hamat tot by die spruit van Mitzrayim, voor יְהוָה, ons God, vergader.
- 9 Sewe dae is gegee vir die fees en sewe dae vir die inwyding, die lengte van die geleentheid was veertien dae. ^{1 Kon 8:65}
- 10 Op die vyftiende dag het die koning die volk laat gaan en die volk het die koning geseën en na hulle dorpe gegaan, bly en vrolik en het lof en dank gegee aan יְהוָה vir al die goedheid wat Hy aan Dawid, Sy dienskneg, Shlomo, sy seun en aan Sy volk, Yisra'el, bewys het. ^{1 Kon 8:66}
- 11 Dit het gebeur dat Shlomo die huis van יְהוָה en die huis van die koning klaar gebou het en alles wat Shlomo in sy gedagtes beplan het om in die huis van יְהוָה en in die koning se huis te doen, het hy suksesvol uitgevoer. ^{Ps 1:3}
- 12 יְהוָה het in daardie nag aan Shlomo verskyn en vir hom gesê: “Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir Myself gekies as 'n plek van offers.
- 13 As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek peste onder My volk stuur;
- 14 as My volk, wat in My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, hulleself verneder (vas), bid, My Teenwoordigheid soek en wegdraai van hul verkeerde lewenswyses, dan sal Ek vanuit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees.
- 15 Nou sal My oë oop wees en My ore luister na die gebed wat in hierdie plek gemaak word, ^{1 Kon 9:3}
- 16 want nou het Ek hierdie huis gekies vir Myself sodat My Gemanifesteerde Teenwoordigheid vir ewig daarin sal wees en dat My goeie werke en My wil vir altyd daarin gedoen sal word. ^{Yeg 43:7}
- 17 Wat jou betref, as jy in My Teenwoordigheid loop soos jou vader, Dawid, geloop het, met onskuld van verstand, wil en emosie en met opregtheid, om alles te doen wat Ek jou beveel het en My opdragte en regverdige oordele nakom,
- 18 dan sal Ek die troon van jou koninkryk vir ewig bevestig, soos wat Ek 'n verbond gesluit het met jou vader deur te sê: ‘Daar sal vir jou nie 'n seun kortkom in My Teenwoordigheid, om te sit op die troon van Yisra'el nie,’ ^{2 Sh'm 7:12,16; 1 Kon 2:4}
- 19 maar as julle wegdraai van My lewenswyses, beide jy en jou kinders en nie My opdragte en My instellings hou wat Ek voor julle gesit het nie, maar gaan en die afgode van ander nasies dien en hulle aanbid,

- 20 dan sal Ek hulle verstrooi uit hierdie land wat Ek aan hulle gegee het en hierdie huis wat Ek vir My Naam (Karakter en Outoriteit) afgesonder het, sal Ek voor My gesig ontwortel en Yisra'el sal 'n spreekwoord en 'n bespotting wees onder al die nasies.
- 21 Hierdie huis sal in puin wees en elkeen wat verbygaan, sal staan en sy kop skud in verwondering en vra: "Waarom het יְהוָה so gedoen aan hierdie groot stad en aan hierdie huis?"
- 22 Hulle sal sê: "Omdat hulle die verbond van יְהוָה, die God van hulle vaders, wat hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het, verlaat het en hulle gegaan en die gode van die ander nasies respekvol gevrees, hulle gedien en aanbid het, het יְהוָה hierdie boosheid oor hulle gebring.
- 8** 1 Dit het gebeur aan die einde van die twintig jaar waarin Shlomo die huis van יְהוָה en die paleis gebou het
- 2 dat Shlomo die stede wat Hiram aan hom gegee het, herbou en die seuns van Yisra'el daar laat bly het.
- 3 Shlomo het na Hamat-Tzovah gegaan, dit aangeval en vernietig.
- 4 Hy het Tadmor, wat woes gelaat is soos die wildernis, asook al die voorraadstede gebou
- 5 en vir Beit-Horon-Bo en Beit-Horon-Onder gebou
- 6 en al die voorraadstede wat Shlomo gehad het, asook al die strydwa-stede en die stede vir die perderuiters. Alles wat Shlomo begeer het om te bou in Yerushalayim en in L'vanon en in die hele land van sy heerskappy, het hy gebou.
- 7 Al die mense wat oorgebly het van die Hittiete, Emoriete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, wat nie van Yisra'el was nie,
- 8 van hulle seuns wat ná hulle oorgebly het in die land, wat die seuns van Yisra'el nie uitgewis het nie, dié het Shlomo arbeiders vir homself gemaak sowel as werkers en belastingpligtiges, tot vandag toe,
- 9 maar van die seuns van Yisra'el het Shlomo geen slawe gemaak in sy koninkryk nie, maar hulle was krygsmanne en bevelvoerders van sy strydwaens en sy perderuiters.
- 10 Hierdie was die goewerneurs en toesighouers van koning Shlomo, vyf honderd en vyftig, wat outoriteit oor die mense, wat die werk gedoen het, uitgevoer het.
- 11 Shlomo het die dogter van Farao uit die stad van Dawid gebring na die huis wat hy vir haar gebou het, want hy het gesê: "Geen vrou sal saam met my bly in die huis van Dawid, die koning van Yisra'el, nie, want die plek waarin die ark van יְהוָה gekom het, is afgesonderd."
- 12 Toe het Shlomo brandoffers en vredesoffers aan יְהוָה gebring op die altaar van יְהוָה wat hy voor die stoep gebou het.
- 13 Volgens die voorskrifte van elke dag, het hy geoffer volgens die opdrag van Mosheh, op die Shabbatte en op die nuwemane en op die vasgestelde feeste, drie maal per jaar, tydens die Fees van Ongesuurde brode, die Fees van Weke en op die Fees van Hutte.

- 14 Hy het volgens die voorskrif van sy vader, Dawid, die afdelings van die priesters vir hulle dienswerk ingedeel, die Leviete vir hulle ampspligte, om voor die priesters te prys en te dien, volgens wat elke dag vereis en vir die poortwagters volgens hulle afdelings om die poorte elke dag te bewaak, want so het Dawid, die man wat God koning gemaak het, beveel.
- 15 Hy het van niks afgewyk wat koning Dawid hom beveel het aangaande die priesters, die Leviete en ten opsigte van al die dienste van die huis, nie.
- 16 So is al die werk van Shlomo in volgorde gedoen vanaf die dag dat die fondasies van die huis van יהוה gelê is totdat al sy werk voltooi is.
- 17 Toe het Shlomo na 'Etyon-Geveer' gegaan, die dorp oorkant Elot, aan die seekus in die land van Edom.
- 18 Hiram het sy diensknegte per skip gestuur, bekwame seemanne wat weet hoe om skepe in die see te navigeer en hulle het saam met Shlomo se diensknegte na die stad van Ofir gegaan en omtrent vier honderd talente goud gevat en na koning Shlomo gebring.
- 9 1 Toe die koningin van Sh'va hoor van die beroemdheid van Shlomo, het sy gekom om Shlomo met raaisels te toets. Sy het na Yerushalayim gekom met 'n baie groot trek: met kamele wat speserye, goud in oorvloed en edelgesteentes gedra het en toe sy by Shlomo kom, het sy vir hom alles vertel wat in haar verstand, wil en emosie was.
- 2 Koning Shlomo het aan haar al die geheime in haar binneste vertel en daar was niks verborge vir die koning wat hy nie vir haar kon vertel nie.
- 3 Toe die koningin van Sh'va die wysheid van Shlomo sien en die huis wat hy gebou het,
- 4 die voedsel van sy tafel en hoe sy diensknegte sit en sy ministers se teenwoordigheid en hulle klere, sy skinkers en hulle klere en die offers wat hy in die huis van יהוה geoffer het, was daar geen gees in haar oor (begeerte) om meer te sien nie.
- 5 Sy het vir koning Shlomo gesê: "Dit was 'n waar verslag wat ek in my eie land gehoor het aangaande u dade en u wysheid.
- 6 Nogtans het ek hulle woorde nie geglo nie totdat ek gekom en my oë dit gesien het en let op, die helfte van die grootheid van u wysheid is my nie vertel nie, want u oortref die verslag wat ek gehoor het.
- 7 Gelukkig is u diensknegte, wat voortdurend voor u staan en u wysheid hoor!
- 8 Geseënd is יהוה, u God, wat u gekies en u op die troon van die koninkryk van Yisra'el laat sit het. Omdat יהוה Yisra'el lief het, het Hy u vir ewig oor hulle koning gemaak om te oordeel en reg te laat geskied."
- 9 Sy het aan die koning 'n honderd en twintig talente goud en 'n oorvloed speserye en edelgesteentes gegee. Daar was nie sulke speserye in die wêreld soos die wat die koningin van Sh'va aan koning Shlomo gegee het nie.
- 10 Die diensknegte van Hiram en die diensknegte van Shlomo het ook goud uit Ofir gebring,
- 11 asook sandelhout vir stoele vir die huis van יהוה en vir die huis van koning Shlomo en harpe vir die sangers. Daar was nog nooit sulkes gesien in die land van Y'hudah nie.

- 12 Koning Shlomo het vir die koningin van Sh'va alles gegee wat sy gevra het, behalwe wat hy reeds gegee het en vir haar alles vertel wat in haar verstand, wil en emosie is. Sy het teruggekeer na haar eie land, sy en haar diensknegte.
- 13 Die gewig van Shlomo se inkomste aan goud in een jaar was ses honderd ses en sestig talente goud;
- 14 behalwe vir die belastings uit die stede en die handel wat die handelaars gebring het. Al die konings van Arabië en die goewerneurs van die land het goud en silwer vir Shlomo gebring.
- 15 Koning Shlomo het twee honderd groot skilde van geslaande goud gemaak; ses honderd sikkels (6,8kg) goud het in elke groot skild gegaan;
- 16 asook drie honderd klein skilde van geslaande goud; drie honderd sikkels goud het in elke klein skild gegaan en die koning het hulle in die huis van die L'vanon-woud gesit.
- 17 Verder het die koning ook 'n groot troon van ivoor gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.
- 18 Die troon het ses trappe gehad en die rand het van agteraf ingekrul met armleunings aan elke kant van die sitplek, met twee leeus wat agter die armleunings staan.
- 19 Twaalf leeus het weerskante op die ses trappe gestaan. Die gelyke is nooit in enige koninkryk gemaak nie.
- 20 Al die houters van die diens van koning Shlomo was van goud en al die voorwerpe van die koning se skatkamers was van suiwer goud; silwer is nie in die dae van Shlomo as iets gereken nie.
- 21 Die koning het skepe gehad wat na Tarshish gevaar het, saam met die diensknegte van Hiram; een maal elke drie jaar het die Tarshish-skepe ingekom, gelaai met goud, silwer, olifante, ape en poue.
- 22 Koning Shlomo het groter geword as al die konings van die aarde in rykdom en wysheid.
- 23 Al die konings van die aarde het die teenwoordigheid van Shlomo opgesoek om die wysheid te hoor wat God in sy binneste gegee het
- 24 terwyl elkeen sy geskenk saamgebring het: silwer voorwerpe en goue voorwerpe, klere, mirre, speserye, perde en muile, 'n vaste hoeveelheid, elke jaar.
- 25 Shlomo het veertig duisend stalle gehad vir perde en strydwaens asook twaalf duisend ruiters, wat hy in die stede vir strydwaens en by die koning in Yerushalayim gesit het.
- 26 Shlomo het geheers oor al die konings vanaf die Eufraat tot by die land van die F'lishtyne en tot by die grens van Mitzrayim.
- 27 Koning Shlomo het silwer in Yerushalayim so volop gemaak soos klippe en die seders so volop soos wildevegebome wat in die Laagland is. ^{1 Kon 10:27; 2 Kro 1:15}
- 28 Hulle het vir Shlomo perde uit Mitzrayim en uit al die lande gebring.
- 29 Die res van die dade van Shlomo, die vroeëre sowel as die latere, is dit nie opgeskryf in die boek van die profeet Natan, in die profesie van Agiyah, die Shiloniet ^{1 Kon 11:29} en in die visioene van die siener Ye'do aangaande Yarov'am, die seun van N'vat, nie?
- 30 Shlomo het vir veertig jaar lank in Yerushalayim oor die hele Yisra'el regeer.

31 Shlomo is by sy vaders neergelê en hulle het hom in die stad van sy vader, Dawid, begrawe en sy seun, Regav'am het in sy plek geheers.

10 1 Regav'am het na Sh'khem gegaan, want die hele Yisra'el het na Sh'khem gekom om hom koning te maak.

2 Dit het gebeur, toe Yarov'am, die seun van N'vat en die hele Yisra'el, dit hoor,

3 hulle gekom het en vir Regav'am, die seun van Shlomo, gesê het:

4 "U vader het ons juk hard gemaak, verlig nou ietwat hierdie harde voorskrifte van u vader en sy swaar juk wat hy op ons gelê het en ons sal u dien."

5 Hy het vir hulle gesê: "Gaan weg en kom oor drie dae terug na my toe." Die mense het weggegaan.

6 Koning Regav'am het beraadslaag met die oudstes wat sy vader, Shlomo, gedurende sy lewe gedien het en hy vra: "Watter raad gee julle my om 'n antwoord aan hierdie mense te gee?"

7 Hulle het met hom gepraat en gesê: "As u hierdie mense goedgunstig sal antwoord en hulle tevrede stel en goeie woorde met hulle praat, sal hulle vir ewig u diensknegte wees."

8 Hy het egter die raad wat die oudstes hom gegee het, verwerp en beraadslaag met die jongmanne wat saam met hom groot geword en in sy diens gestaan het.

9 Hy het vir hulle gevra: "Watter raad gee julle my dat ons hierdie mense kan antwoord wat met my gepraat en gesê het: 'Maak die juk ligter wat u vader op ons gelê het en ons sal u dien.'?"

10 Die jongmanne wat saam met hom in die straat grootgeword het, antwoord hom en sê: "Só moet u die mense antwoord wat met u gepraat en gesê het: 'U vader het ons juk swaar gemaak, maar u maak dit ietwat ligter oor ons,' só moet u hulle antwoord: 'My pinkie is dikker as my vader se duim.'"^{1 Kon 12:10}

11 Nou, waar my vader 'n swaar juk op julle gelaai het, ék sal by julle juk bysit; het my vader julle met swepe getugtig, ék sal julle met skerpioene tugtig."

12 Yarov'am en al die mense het op die derde dag na Regav'am gekom soos die koning hulle gevra en gesê het: "Kom oor drie dae terug na my toe."

13 Die koning het hulle met harde woorde geantwoord en koning Regav'am het die raad van die oudstes verwerp

14 en met hulle gepraat volgens die raad van die jongmanne en gesê: "My vader het julle juk swaar gemaak, maar ék sal daarby bysit; my vader het julle met swepe getugtig, ék sal julle met skerpioene tugtig."

15 Die koning het nie na die volk geluister nie, want God het dit voorgeskryf sodat יהוה die woord van Agiyah, die Shiloniet, die profeet, aangaande Yarov'am, die seun van N'vat, waar kon maak.^{1 Kon 11:28-}

16 Toe die hele Yisra'el sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die volk die koning geantwoord en gesê: "Ons het geen deel aan Dawid of aan 'n erfenis vir die seun van Yishai nie! Gaan elkeen na sy huis toe, Yisra'el en nou, Dawid, sorg vir jou eie huis!" Yisra'el het na hulle huise teruggekeer,

17 maar oor die seuns van Yisra'el wat in die stede van Y'hudah gebly het, oor hulle het Regav'am regeer.

18 Toe stuur koning Regav'am vir Adoram, wat in beheer van belasting was, maar die seuns van Yisra'el het hom gestenig sodat hy gesterf het, maar koning Regav'am het haastig op sy strydwa geklim, om na Yerushalayim te vlug.

19 So het Yisra'el gerebelleer teen die huis van Dawid, tot vandag toe.

11 1 Toe Regav'am in Yerushalayim kom, het hy van die huise van Y'hudah en Binyamin, honderd en tagtig duisend gekose manne, wat die swaard dra, bymekaargemaak wat soldate was, om teen Yisra'el te veg en die koninkryk te herstel aan Regav'am, die seun van Shlomo.

2 Die woord van יהוה het egter tot Sh'ma'yah gekom en gesê:

3 "Praat met Regav'am, die seun van Shlomo, koning van Y'hudah en met die huis van Binyamin en die hele Yisra'el en die ander mense en sê:

4 'So sê יהוה: Julle mag nie optrek of baklei nie, gaan elkeen terug na sy huis, want hierdie saak kom van My af.'" Hulle het die woord van יהוה gehoorsaam en omgedraai, elkeen na sy huis toe.

5 Yarov'am het Sh'khem gebou op die berg van die stam van Efrayim en daarin gebly. Hy het daarvandaan uitgegaan en P'nu'el gebou.

6 Yarov'am het in sy binneste gesê: "Die koninkryk sal terugkeer na die huis van Dawid

7 as hierdie volk opgaan om offers te bring in die huis van יהוה in Yerushalayim, dan sal die verstand, wil en emosie van die volk weer na יהוה toe draai en hulle sal my doodmaak en die koninkryk tot Regav'am, die seun van Shlomo, herstel;"

8 daarom het die koning beraadslaag en twee kalwers van goud gemaak en vir die volk gesê: "Dit is te veel vir julle om op te gaan na Yerushalayim, waarom sou julle opgaan na Yerushalayim en weer terugkom?" Toe het hy gesê: "Hierdie is jou gode, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim gebring het."

9 Hy het die een in Beit-El opgestel en die ander in Dan.

10 Hierdie ding het 'n sonde geword, want die mense het voor die kalf gaan neerval, selfs tot by Dan en dit het 'n sonde, tot ontworteling en vernietiging van die aarde af, geword in die hele huis van Yarov'am.

11 In daardie tyd het Aviyah, die seun van Yarov'am, siek geword en Yarov'am sê vir sy vrou: "Staan op en vermom jouself, wees soos 'n eenvoudige vrou sodat jy nie herken word as die vrou van Yarov'am nie en gaan na Shiloh, let op, Agiyah, die profeet is daar, wat vir my gesê het dat ek koning oor hierdie volk moet wees,

12 gaan na hom toe, hy sal jou vertel wat gaan van hierdie kind word."

13 יהוה het aan Agiyah gesê: "Let op, die vrou van Yarov'am kom na jou toe om jou te vra aangaande haar seun, want hy is siek. So en so moet jy vir haar sê, want dit sal wees dat wanneer sy inkom, sy haarself sal vermom."

14 Dit het gebeur toe hy haar voete by die deur hoor dat hy vir haar sê: "Kom in, vrou van Yarov'am, waarom het jy jou vermom, want ek is gestuur om vir jou harde woorde te bring?

15 Gaan sê vir Yarov'am: 'So sê יהוה, die God van Yisra'el: Ek het jou opgelig van tussen die mense en jou koning oor My volk, Yisra'el, gemaak

- 16 en die koninkryk weggevat van die huis van Dawid en dit aan jou gegee en tog was jy nie soos My dienskneg, Dawid, wat My opdragte gehoorsaam het en in My instellings geleef het met sy hele verstand, wil en emosie, om te doen wat reg is in My Teenwoordigheid, nie,
- 17 maar jy het boos gedoen bo alle konings wat voor jou was, want jy het gegaan en vir jou afgode vir die nasie gemaak en beelde om voor My te laster en My aanbidding agter jou rug gegooi.” ^{1 Kon 14:7-}
- 18 Regav'am het vir Magalat, die dogter van Yerimot, die seun van Dawid, vir hom as vrou geneem en vir Avigayil, die dogter van Eli'av, die seun van Yishai,
- 19 wat vir hom geboorte gegee het aan seuns: Ye'ush, Sh'maryah en Zaham.
- 20 Ná haar het hy vir Ma'akhah, die dogter van Avshalom, geneem, wat vir hom geboorte gegee het aan Aviyah, 'Atai, Ziza en Shlomit.
- 21 Regav'am het vir Ma'akhah, die dogter van Avshalom, meer liefgehad as al sy vroue en sy byvroue, want hy het agttien vroue en sestig byvroue gevat en hy het agt en twintig seuns en sestig dogters gehad.
- 22 Regav'am het Aviyah, die seun van Ma'akhah, kroonprins gemaak, om te heers tussen sy broers, want hy het beplan om hom koning te maak.
- 23 Hy het verstandig opgetree en al sy seuns versprei in al die streke van Y'hudah en Binyamin, in al die versterkte stede en aan hulle kos in oorvloed gegee. Hy het baie vrouens begeer.
- 12** ¹ Dit het gebeur toe Regav'am die koningskap gevestig en homself versterk het dat hy die wet van יהוה verlaat het en die hele Yisra'el saam met hom.
- 2 Dit het gebeur in die vyfde jaar van koning Regav'am dat Shishak, koning van Mitzrayim, teen Yerushalayim opgetrek het omdat hulle oortree het teen יהוה,
- 3 met een duisend tweehonderd strydwaens en sestig duisend perderuiters en die manskappe wat saam met hom uit Mitzrayim gekom het, was ontelbaar: Luvimiete, Sukki'iete en Kushiëte.
- 4 Hy het die versterkte stede van Y'hudah ingeneem en tot by Yerushalayim gekom.
- 5 Toe kom Sh'ma'yah, die profeet, na Regav'am en die prinse van Y'hudah wat as gevolg van Shishak in Yerushalayim bymekaargekom het en sê vir hulle: “So sê יהוה: ‘Julle het My verlaat, Ek het julle daarom oorgegee in die hand van Shishak.’”
- 6 Hierop het die prinse van Yisra'el en die koning hulleself verneder en gesê: “יהוה is regverdig.”
- 7 Toe יהוה sien dat hulle hul verneder, kom die woord van יהוה tot Sh'ma'yah en sê: “Hulle het hulself verneder, Ek sal hulle daarom nie vernietig nie, maar vir hulle 'n bevryding voorsien en My woede sal nie deur middel van Shishak oor Yerushalayim uitgestort word nie.
- 8 Nogtans sal hulle sy diensknepte word sodat hulle My diens en die diens van die koninkryke van die lande kan leer ken!”
- 9 Shishak, koning van Mitzrayim, het teen Yerushalayim opgetrek en die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die huis van die koning weggevat; hy het alles weggevat; hy het ook die skilde van goud, wat Shlomo gemaak het, weggevat.

- 10 In die plek hiervan het koning Regav'am koper skilde gemaak en dit aan die bevelvoerder van die wag toevertrou wat die ingang van die koning se huis bewaak.
- 11 Wanneer die koning in die huis van יהוה ingaan, het die wag gekom en dit kom haal en dan weer teruggevat na die wagkamer.
- 12 Toe hy homself verneder het, het יהוה se woede van hom af weggedraai sodat Hy hom nie geheel en al vernietig het nie en ook in Y'hudah het dit goed gegaan.
- 13 Koning Regav'am het homself in Yerushalayim versterk en regeer, want Regav'am was een en veertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het sewentien jaar lank regeer in Yerushalayim, die stad wat יהוה uit al die stamme van Yisra'el verkies het om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en die naam van sy moeder was Na'amah, die 'Ammoniet.
- 14 Hy was boos voor יהוה, want hy het nie sy verstand, wil en emosie voorberei om יהוה te dien en met sy hele wese te soek nie.
- 15 Hierdie is die vroeëre en die latere geskiedenis van Regav'am, wat boos gedoen het voor יהוה, God van Yisra'el en daar was gedurigdeur oorloë tussen Regav'am, die seun van Shlomo en Yarov'am, seun van N'vat.
- 16 Regav'am is neergelê by sy vaders en is begrawe in die stad van Dawid en sy seun Aviyah het in sy plek geheers.

- 13** 1 In die agttiende jaar van koning Yarov'am, die seun van N'vat, het Aviyah begin heers oor die stam van Y'hudah. ^{1 Kon 15:1-8}
- 2 Hy het drie jaar lank in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Ma'akhah, die dogter van Uri'el uit Giv'ah.
- 3 Aviyah het 'n leër van dapper krygsmanne gemobiliseer, vier honderd duisend jong manskappe, wat op hulleself geneem het om teen Yarov'am, die seun van N'vat te gaan veg. Yarov'am het ook 'n leër gemobiliseer en het gekom om teen hom te veg met agt honderd duisend jong manskappe, magtige helde.
- 4 Aviyah het bo-op die berg Z'maraim gaan staan, wat aan die kant is van die Efrayimgebergte en gesê: "Luister na my, Yarov'am, seun van N'vat en die hele Yisra'el!
- 5 Miskien weet julle dat יהוה, die God van Yisra'el, die koninkryk oor Yisra'el aan Dawid gegee het vir ewig, aan hom en aan sy seuns, deur 'n verbond aangaande die koningskap,
- 6 nogtans het Yarov'am, die seun van N'vat, die dienskneg van Shlomo, seun van Dawid, opgestaan en teen sy meester gerebelleer
- 7 en sekere bose manne by hom bymekaar gemaak en hulle sterk gemaak teen Regav'am, seun van Shlomo toe Regav'am jonk en onervare was en nie geweet het wat om te sê nie en nie die mense vertroos het aangaande die swaar las wat sy vader, Shlomo, op hulle gelê het nie.
- 8 Selfs nou, wat kan julle sê? Julle het weggegaan en die koninkryk van die huis van Dawid verwerp en dooie gode gaan aanbid. Ek heers oor 'n enkele stam, maar julle oor baie stamme en daar is goue kalwers by julle wat Yarov'am, seun van N'vat, vir julle gemaak het.

- 9 Julle het die priesters, die seuns van Aharon en die Leviëte uitgegooi en vir julleself priesters gemaak uit die volke van die lande. Wie ook al kom om 'n offer te bring, van hom vat julle 'n jong bul en sewe ramme en hy word 'n priester van wat nie gode is nie,
- 10 maar ons, ons het יהוה, ons God, nie verlaat nie en die priesters wat tot יהוה dien, is seuns van Aharon en die Leviëte dien soos hulle moet.
- 11 Hulle offer brandoffers tot יהוה elke oggend en elke aand, asook soet wierook en stel die brode van die Teenwoordigheid op op die rein tafel. Die goue kandelaar met sy lampe word elke aand opgesteek deur 'n jongman wat beheer het daarvoor. So hou ons wag oor die instellings van יהוה, ons God.
- 12 Julle het Hom verlaat en agter dooie gode aangegaan en dien hulle en aanbid hulle en het יהוה, die God van julle vaders, verlaat; daarom sal julle nie voorspoedig wees in hierdie wêreld nie.”
- 13 Yarov'am het egter 'n hinderlaag agter hulle laat omgaan sodat hulle voor Y'hudah was en die hinderlaag agter hulle.
- 14 Toe Y'hudah agtertoe kyk, let op, was die geveg meteens voor en agter hulle en hulle het na יהוה uitgeroep en die priesters het op die trompette geblaas.
- 15 Dit het gebeur toe die manne van Y'hudah skreeu, dat יהוה vir Yarov'am, seun van N'vat en die hele Yisra'el voor Aviyah en Y'hudah verslaan het.
- 16 Die seuns van Yisra'el het gevlug voor Y'hudah.
- 17 Aviyah het hulle met 'n groot slag doodgemaak sodat van Yisra'el vyf-honderd-duisend jong manne gesneuwel gelê het;
- 18 dus is die seuns van Yisra'el in dié tyd verslaan en die seuns van Y'hudah het oorwin omdat hulle gesê het: “Ons vertrou op יהוה, die God van ons vaders.”
- 19 Aviyah het Yarov'am agternagesit en groot stede van hom afgeneem: Beit-El met sy weivelde, Y'shanah met sy weivelde en 'Efrayim met sy weivelde.
- 20 Yarov'am het ook nie weer sterk geword in die dae van Aviyah nie en יהוה het hom geslaan en hy het gesterf.
- 21 Aviyah het sterk geword en hy het veertien vroue getrou en daar is twee en twintig seuns en sestien dogters vir hom gebore.
- 22 Die res van die dade en lewe van Aviyah, let op, is opgeskryf in die gedigte van die profeet 'Iddo.
- 14** 1 Aviyah is neergelê by sy vaders en hulle het hom begrawe in die stad van Dawid en sy seun Asa het in sy plek geheers. In sy dae was die land stil vir tien jaar lank. ^{1 Kon 15:8-24}
- 2 Asa het gedoen wat goed en reg was in die Teenwoordigheid van יהוה, sy God,
- 3 want hy het die altare van die vreemde gode en die hoogtes verwyder en die beelde stukkend gebreek en die pilare afgekap
- 4 en vir Y'hudah gesê: “Kom, laat ons bid tot יהוה, die God van ons vaders.”
- 5 Hy het ook in al die stede van Y'hudah die plekke van aanbidding op die hoë plekke en die afgodsbeelde ontwortel en die koninkryk het gerus onder hom en hy het geen vyande op al sy grense gehad nie.

- 6 Hy het versterkte stede in Y'hudah gebou, want die land het gerus en daar was niemand wat oorlog teen hom gevoer het in daardie jare nie omdat יהוה hom rus gegee het.
- 7 Hy het daarom aan Y'hudah gesê: “Kom, laat ons hierdie stede bou en hulle met mure, torings, poorte en grendels omring terwyl die land nog stil is van oorlog, want ons het יהוה, ons God, gesoek en Hy vir ons en Hy het aan ons rus gegee van almal rondom ons, ons vertroos en bevry.
- 8 Asa het 'n leër gehad van magtige dapper manne wat skild en spies dra: uit Y'hudah, drie honderd duisend man en uit Binyamin, wat die borsplaat dra en die boog span, twee honderd en tagtig duisend.
- 9 Zerag, die Kushië, het teen hulle uitgetrek met 'n groot leër van 'n miljoen manne en dertig duisend strydwaens en na Mareshah gekom.
- 10 Asa het uitgegaan teen hom en hy het teen hom baklei in die vallei van Mareshah.
- 11 Asa het tot יהוה, sy God, gebid en gesê: “U is ons Meester, יהוה, die Hulp van U volk en as U 'n groot leërmag oorgee in die hand van 'n klein mag, sal die hele wêreld weet dat dit goed is om op U te vertrou. Help ons, יהוה, ons God, want ons het in U Naam (Karakter en Outoriteit) teen hierdie groot leërmag gekom. יהוה, ons God, vertraag nie U mag aan ons nie.”
- 12 Toe Asa klaar gebid het, het die boodskapper van יהוה die Kushië voor Asa en Y'hudah vernietig en die Kushië het gevlug.
- 13 Asa en die manne wat by hom was, het hulle agtervolg tot by G'rar en van die Kushië het soveel geval dat hulle nie getel kon word nie, want hulle was verslaan voor יהוה en voor Sy magte. Hulle het 'n baie groot buit gevat en weggedra.
- 14 Hulle het al die stede rondom G'rar oorweldig, want die vrees vir יהוה het oor hulle gekom en hulle het al die stede geplunder, want daar was baie buit in hulle.
- 15 Hulle het ook die tente van die Arabiere en skape en kamele in oorvloed weggedra en hulle na Yerushalayim gebring. Deut 28:1-10

- 15** ¹ Die Gees van God het op 'Azaryah, die seun van 'Oded, gekom
- 2 en hy het uitgegaan om Asa te ontmoet en vir hom gesê: “Luister na my, Asa en die hele Y'hudah en Binyamin! יהוה is by julle vir ewig en ewig en as julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind, maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.
- 3 Vir 'n lang tyd het Yisra'el nie hulle God in waarheid gedien nie en nie die leringe van Sy priesters aanvaar of hulle wette gehoorsaam nie. Hulle is daarom oorgegee in die hand van hul vyande.
- 4 Wanneer hulle egter in hul benoudheid tot יהוה, die God van Yisra'el, gebid en Hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind.
- 5 In daardie vroeëre tye toe ons nie ons God gedien het nie, was daar geen vrede vir hom wat uit- of ingegaan het nie, as gevolg van groot teëspoed wat oor al die inwoners van die land gekom het
- 6 en ons is verstrooi onder elke nasie en volk en dorpe en stede.
- 7 Omdat ons ons God verlaat het en nie wou luister na die stem van Sy diensknegte, die profete nie, is ons daarom beloon volgens ons dade.”

- 8 Toe Asa hierdie woorde wat 'Azaryah, die seun van 'Oded, die profeet gesê het, hoor, het hy moed geskep en al die afgode verwyder uit die hele land van Y'hudah en Binyamin en uit die stede wat hy in die land van Efrayim ingeneem het en hy het die altaar van יהוה wat voor die stoep van יהוה was, herstel.
- 9 Hy het die hele Y'hudah en Binyamin, asook die proseliete wat uit Efrayim en M'nasheh en uit Shim'on by hulle was, want hulle het in menigte uit Yisra'el na hom toe oorgeloop toe hulle sien dat יהוה, sy God, by hom was,
- 10 in Yerushalayim bymekaar laat kom in die derde maand van die vyftiende jaar van die regering van Asa
- 11 en op dieselfde dag aan יהוה geoffer van die buit wat hulle ingebring het, sewe honderd beeste en ses duisend skape.
- 12 Hulle het in 'n verbond getree om יהוה, die God van hulle vaders, met hul hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe te soek
- 13 en dat wie ook al יהוה, die God van Yisra'el, nie soek nie, gedood sou word, klein of groot, man of vrou. Deut 17:2-6
- 14 Hulle het tot יהוה gesweer met 'n harde stem en met die blaas van gedraaide en reguit trompette.
- 15 Die hele Y'hudah was verheug oor die verslag wat hulle gehoor het, want hulle het Hom gesoek met hulle hele verstand, wil en emosie en met hul hele lewe tot Hom gebed en Hy is deur hulle gevind en Hy het aan hulle rus gegee reg rondom.
- 16 Hy het ook vir Ma'akhah, die moeder van Asa afgesit as koninginsmoeder omdat sy 'n fees vir haar afgode gehad het en Asa het haar afgode afgekap en hulle by die spruit van Kidron verbrand.
- 17 Die altare op die hoë plekke is egter nie uit Yisra'el verwyder nie, nogtans was Asa se verstand, wil en emosie volmaak in die aanbidding van יהוה, sy God, al die dae van sy lewe.
- 18 Hy het alles wat sy vader en hyself afgesonder het, in die huis van יהוה ingebring: silwer, goud en allerhande voorwerpe.
- 19 Daar was geen oorlog tot in die vyf en dertigste jaar van die regering van Asa nie.
- 16** 1 In die ses en dertigste jaar van die regering van Asa het Ba'asha, koning van Yisra'el, opgetrek teen Y'hudah en Ramah opgebou om niemand na Asa, koning van Y'hudah, te laat uit- of ingaan nie.
- 2 Toe bring Asa silwer en goud uit die skatkamers van die huis van יהוה en van die huis van die koning en stuur dit na Ben-Hadad, koning van Aram, wat in Dammesek gebly het en sê:
- 3 "Daar is 'n verbond tussen my en u soos daar tussen my vader en u vader was; let op, ek het silwer en goud na u toe gestuur; gaan verbreek u verbond met Ba'asha, koning van Yisra'el sodat hy kan wegtrek van my af.
- 4 Ben-Hadad het geluister na koning Asa en die bevelvoerders van sy leërmagte gestuur teen die stede van Yisra'el en hulle het teen die stede van Yisra'el kamp opgeslaan en vir 'Iyon, Dan, Beit-Ma'akhah en al die voorraadstede van Naftali gevat.

- 5 Die oomblik toe Ba'asha dit hoor, het hy opgehou om Ramah te bou en sy werk gestaak.
- 6 Toe het koning Asa die hele Y'hudah bymekaargekry en hulle het die klippe en balke waarmee Ba'asha Ramah gebou het, weggedra en hy het Geva van Binyamin en Mitzpah daarmee gebou.
- 7 In daardie tyd het Hanani, die profeet, na Asa, koning van Y'hudah, gekom en vir hom gesê: “Omdat u op die koning van Aram staat gemaak het en nie op יהוה, u God, staat gemaak het nie, sal die leër van Aram uit u hand ontsnap
- 8 en hulle sal sterk word, hulle sowel as die Kushiëte en konings wat by hulle is en hulle sal groot magte word met baie strydwaens en perderuiters, maar wanneer u soek na יהוה, u God, sal Hy hulle in u hande oorgee,” ^{Yes 31:1}
- 9 want die oë van יהוה hardloop heen en weer oor die hele aarde; daarom, wees onveranderlik sterk en laat jou verstand, wil en emosie volmaak wees tot Sy aanbidding en verstaan al Sy wonders, want יהוה, u God, sal vir u veg.” ^{Deut 11:12}
- 10 Asa was kwaad vir die profeet en het hom in die gevangenis gesit omdat hy dinge gerapporteer het wat hy nie gesien het nie en die mense se binneste laat bewes het; daarom het Asa hom van die mense af weggehou in daardie tyd.
- 11 Let op, die dade van Asa, die vroeëre en die latere, is opgeskryf in die boekrolle van die konings van Y'hudah en Yisra'el.
- 12 In die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa aan sy voete siek geword en in sy huis gelê.
- 13 Asa is neergelê by sy vaders en het gesterf in die een en veertigste jaar van sy regering.
- 14 Hulle het hom begrawe in sy eie graf in die stad van Dawid en hom op 'n draagbaar neergelê wat vol allerhande speserye was en hulle het vir hom 'n baie groot brandoffer gebring.
- 17** 1 Y'hoshafat, sy seun, het in sy plek geheers en homself versterk teen Yisra'el.
- 2 Hy het magtige manne in al die versterkte stede van Y'hudah gesit en goewerneurs aangestel in die land van Y'hudah en in die stede van Efrayim wat sy vader, Asa, ingeneem het.
- 3 יהוה was by Y'hoshafat, want hy het in die aanvanklike lewenswyses van sy vader, Dawid, geleef en nie tot beelde gebid nie,
- 4 maar tot יהוה, God van sy vader, gebid en volgens Sy wette geleef en Sy instellings gehoorsaam en nie gedoen soos Yisra'el nie.
- 5 יהוה het daarom die koninkryk in sy hand bevestig en die hele Y'hudah het aan Y'hoshafat geskenke gebring en hy het rykdom en eer in oorfloed gehad.
- 6 Sy verstand, wil en emosie is versterk in die lewenswyses van יהוה en hy het verder die altare en die hoogtes uit Y'hudah se grondgebied uitgeruk.
- 7 In die derde jaar van sy regering het hy sy prinse en die bevelvoerders van die weermag: 'Ovadyah, Z'kharyah, N'tan'el en Mikhayahu gestuur om in die stede van Y'hudah onderrig te gee.

- 8 Saam met hulle was die Leviete: Sh'ma'yahu, N'tanyahu, Z'vadyahu, 'Asah'el, Sh'miramot, Y'honatan, Adoniyahu, Tuviyahu en Tov-Adoniyah en saam met hulle Elishama en Y'horam, die priesters.
- 9 Hulle het in die hele land van Y'hudah onderrig gegee met die boek van die wet van יהוה by hulle en in al die stede van Y'hudah rondgegaan en die volk onderrig.
- 10 Die respekvolle vrees vir יהוה het gekom oor al die koninkryke van die lande wat rondom Y'hudah was sodat hulle nie teen Y'hoshafat oorlog gevoer het nie.
- 11 Van die stede van die F'lishtyne het vir Y'hoshafat geskenke, silwer en belasting gebring; die Arabiere het vir hom kleinvee gebring: sewe duisend sewe honderd ramme en sewe duisend sewe honderd bokramme, jaarliks.
- 12 Y'hoshafat het uitermate ryk geword en in Y'hudah kastele en voorraadstede gebou.
- 13 Hy het baie besighede gehad in die stede van Y'hudah en krygsmanne, dapper magtige manne, was in Yerushalayim.
- 14 Dit is hulle getalle, volgens die vaders van hulle huise: van Y'hudah, die bevelvoerders oor 'n duisend: die bevelvoerder, 'Adnah en saam met hom drie honderd duisend dapper, magtige manne;
- 15 volgende was die bevelvoerder, Y'hoganan en saam met hom twee honderd en tagtig duisend dapper manne;
- 16 volgende was 'Amasyah, die seun van Zikhri, waarmee יהוה tevrede was en saam met hom twee honderd duisend dapper manne;
- 17 uit Binyamin was Elyada, 'n dapper magtige man en saam met hom twee honderd duisend, gewapen met boog en skild;
- 18 volgende was Y'hozavad en saam met hom honderd en tagtig duisend, gereed vir oorlog.
- 19 Hulle is almal wat koning Y'hoshafat gedien het, behalwe vir hulle wat die koning in die versterkte stede regdeur die hele Y'hudah gesit het.
- 18** 1 Toe Y'hoshafat rykdom en eer in oorvloed gehad het, het hy 'n ooreenkoms met Ag'av aangegaan.
- 2 Na twee jaar het hy afgegaan na Ag'av, in Shomron en Ag'av het vir hom en die manskappe wat by hom was skape en beeste in oorvloed geslag en hom aangemoedig om na Ramot-Gil'ad te gaan.
- 3 Ag'av, koning van Yisra'el, het vir Y'hoshafat, koning van Y'hudah gesê: “Sal u saam met my na Ramot-Gil'ad gaan?” Hy antwoord hom: “Ek sal gaan soos u gaan en my volk is soos u volk en my perde soos u perde; ons sal saam met u oorlog gaan maak.”
- 4 Y'hoshafat het vir die koning van Yisra'el gesê: “Raadpleeg eers die woord van יהוה vandag;”
- 5 daarom het die koning van Yisra'el van die profete bymekaargebring, vier honderd man en vir hulle gesê: “Sal ons teen Ramot-Gil'ad optrek om te veg of sal ek dit laat verbygaan?” Hulle antwoord: “Gaan op, want יהוה sal u vyande in u hand gee.”

- 6 Y'hoshafat sê egter: "Is hier nie nog 'n ware profeet van יהוה dat ons hom kan raadpleeg nie?"
- 7 Die koning van Yisra'el antwoord Y'hoshafat: "Daar is nog een man deur wie ons יהוה kan raadpleeg, maar ek haat hom, want hy profeteer nooit goed oor my nie, maar altyd kwaad. Sy naam is Mikhay'hu, die seun van Yimlah." Y'hoshafat het gesê: "Laat die koning nie so praat nie!"
- 8 Die koning van Yisra'el het een van die amptenare geroep en gesê: "Bring gou vir Mikhay'hu, die seun van Yimlah."
- 9 Die koning van Yisra'el en Y'hoshafat, die koning van Y'udah, het elkeen op sy troon gesit, aangetrek in koninklike klere en hulle het by die ingang van die poort van Shomron gesit en al die vals profete het voor hulle geprofeteer.
- 10 Tzidkiyah, die seun van 'n Kena'anitiese vrou, het vir homself ysterhorings gemaak en gesê: "So sê יהוה: "Hiermee sal u die Arameërs deurboor totdat hulle afgesny en vernietig is."
- 11 So het al die profete geprofeteer en gesê: "Gaan op na Ramot-Gil'ad en triomfeer, want יהוה sal u vyande in u hand gee, o koning.
- 12 Die boodskapper wat gegaan het om Mikhay'hu te roep, het met hom gepraat en gesê: "Let op, die woorde van die profete het uit een mond goed verklaar vir die koning, laat jou woord dus nou aangenaam wees, soos een van hulle en profeteer ook goed."
- 13 Mikhay'hu het gesê: "So waar as יהוה-God leef, wat my God in my verstand, wil en emosie sit, dit sal ek sê!"
- 14 Toe hy by die koning kom, sê die koning vir hom: "Mikhay'hu, sal ons na Ramot-Gil'ad gaan om te veg, of sal ek dit laat verbygaan?" Hy antwoord: "Gaan op en triomfeer en hulle sal in julle hand oorgegee word."
- 15 Die koning sê vir hom: "Hoeveel maal moet ek jou smeeke dat jy niks behalwe die waarheid, in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, vir my sal sê nie?"
- 16 Toe antwoord hy: "Ek het die hele Yisra'el op die berge verstrooid gesien, soos skape wat geen wagter het nie en יהוה het gesê: 'Hulle het geen koning nie; laat elkeen van hulle dus in vrede teruggaan na sy huis toe.'"
- 17 Toe sê die koning van Yisra'el vir Y'hoshafat: "Het ek u nie vertel dat hy niks goeds oor my wil profeteer nie, maar kwaad?"
- 18 Toe sê Mikhay'hu: "Hoor en luister daarom na die boodskap van יהוה: ek het יהוה sien sit op Sy troon en al die hemelse leërmagte staan aan Sy regter- en aan Sy linkerhand.
- 19 יהוה het gesê: 'Wie sal vir Ag'av, die koning van Yisra'el, uitlok sodat hy kan opgaan en neergevel word by Ramot-Gil'ad?' Een het gesê ek sal hom op hierdie manier uitlok en die ander op daardie manier.
- 20 Toe kom daar 'n gees uit en staan in die Teenwoordigheid van יהוה en sê: 'Ek sal hom uitlok.' יהוה vra vir hom: 'Waarmee?'
- 21 Hy antwoord: 'Ek sal uitgaan en 'n leuengees wees in die mond van al sy profete.' יהוה sê: 'Jy sal hom uitlok en ook oorwin; gaan uit en doen volgens wat jy gesê het.'

- 22 Nou, daarom, let op, יהוה het 'n leuengees in die mond van hierdie profete van u gegee terwyl יהוה onheil oor u verklaar het.”
- 23 Toe het Tzidkiyah, die seun van 'n Kena'anitiese vrou, nadergekom en vir Mikhay'hu op sy wang geslaan en gesê: “Van wanneer af het die Gees van יהוה van my af weggegaan om met jou te praat?”
- 24 Mikhay'hu antwoord: “Let op, jy sal dit sien op dieselfde dag wat jy in die binneste kamer ingaan om weg te kruip.”
- 25 Toe sê die koning van Yisra'el: “Wat vir Mikhay'hu en hou hom in die huis van Amon, die goewerneur van die stad en in die huis van Yo'ash, die seun van die koning ^{1 Kon 22:26}”
- 26 en sê: “So sê die koning: “Sit hierdie man in die gevangenis en voer hom met brood en water van verdrukking (spaarsamig) totdat ek in vrede terugkom.”
- 27 Mikhay'hu sê: “As u veilig terugkom, dan het יהוה sekerlik nie deur my gepraat nie.” Verder sê hy: “Luister, al julle mense!”
- 28 Ag'av, koning van Yisra'el en Y'hoshafat, koning van Y'udah, het opgegaan na Ramot-Gil'ad.
- 29 Die koning van Yisra'el het vir Y'hoshafat gesê: “Ek sal my gevegsdrag aantrek en in die gevegslinies gaan staan en u moet u gevegsdrag aantrek.” Die koning van Yisra'el het sy wapen-uitrusting aangetrek en in die gevegslinies gaan staan.
- 30 Die koning van Aram het die bevelvoerder van sy strydwaens, wat by hom was, twee en dertig in getal, beveel en gesê: “Moenie met klein of groot veg nie, veg net met die koning van Yisra'el.”
- 31 Dit het gebeur toe die bevelvoerders van die waens vir Y'hoshafat sien, hulle gesê het: “Dit is die koning van Yisra'el!” Hulle het daarom teen hom gekom om met hom te veg, maar Y'hoshafat het uitgeroep en יהוה het hom gehelp en hulle van hom af weggedraai.
- 32 Dit het gebeur toe die bevelvoerders van die strydwaens sien dat dit nie die koning van Yisra'el is nie, hulle van hom af weggedraai het.
- 33 'n Sekere man het onwetend 'n pyl na hom geskiet en die koning van Yisra'el getref tussen die laste van sy borsplaat. Toe sê hy vir sy strydwadrywer: ‘draai om en vat my uit die hordes uit, want ek is ernstig gewond.’
- 34 Die geveg het erger geword dié dag, maar die koning het staande in die strydwa teen die Arameërs geveg tot die aand toe, maar teen sononder het hy gesterf.
- 19** ¹ In die aand het Y'hoshafat, koning van Y'udah, in vrede na sy huis in Yerushalayim teruggegaan.
- 2 Yehu, die seun van Hanani, die profeet, het uitgegaan om hom te ontmoet en vir koning Y'hoshafat gesê: “Moet u gaan om die bose oortreder te help en hulle liefhê wat יהוה haat? יהוה is daarom vir u kwaad,
- 3 maar goeie verslae is oor u gehoor, deurdat u nie onskuldige bloed in die land vergiet het nie en u verstand, wil en emosie voorberei het om in waarheid tot יהוה te bid.”
- 4 Y'hoshafat het in Yerushalayim gebly en hy het weer uitgegaan tussen die volk in vanaf die stad van Be'er-Sh'va tot by die gebergte van Efrayim en hulle teruggebring om יהוה, die God van hulle vaders, te aanbid.

- 5 Hy het regters in die land aangestel, in al die versterkte stede van Y'hudah en in die groot stede.
- 6 Hy het vir die regters gesê: "Let op wat julle doen, want julle oordeel nie namens die mens nie, maar namens יהוה, ons God.
- 7 Wees dus dapper en oordeel regverdig sodat יהוה vir altyd by julle sal wees; wees versigtig en doen dit, want by יהוה, ons God, is geen onregverdigheid of inagneming van die persoon of aanvaarding van omkoopgeld nie."
- 8 Verder het Y'hoshafat ook in Yerushalayim manne uit die Leviete, die priesters en van die hoofde van die huise van die vaders uit Yisra'el aangestel vir die regverdige oordele van יהוה. Toe het hy teruggegaan na Yerushalayim.
- 9 Hy het hulle beveel en gesê: "So moet julle optree in die respekvolle vrees van יהוה, met getrouheid en met 'n volmaakte verstand, wil en emosie.
- 10 Watter saak ook voor julle sal kom uit julle broers in die stede, tussen bloedvergiëting en bloedvergiëting, wette en opdragte en tussen instellings en regverdige oordele, moet julle hulle waarsku sodat hulle nie skuldig staan voor יהוה en Hy kwaad word vir hulle en hulle broers nie; doen so en julle sal nie skuldig wees nie.
- 11 Let op, ek het priesters oor julle aangestel sodat hulle regverdig en getrou mag oordeel volgens die opdragte van יהוה. Z'vadyahu, die seun van Yishma'el, het aan al die mense van Y'hudah al die koning se opdragte aangekondig en dit ook voor die Leviete en skrywers herhaal en vir hulle gesê: "Tree standvastig dapper op en יהוה sal julle vir altyd help!"

- 20** 1 Dit het hierna gebeur dat die seuns van Mo'av en die seuns van 'Ammon, saam met die magtige soldate, teen Y'hoshafat kom veg het.
- 2 Toe het daar boodskappers gekom en aan Y'hoshafat berig gebring en gesê: "'n Groot weermag het teen u gekom van anderkant die see af, let op, hulle is al in Hatzatzon-Tamar, dit is 'Ein-Gedi."
- 3 Y'hoshafat was bang en hy het sy gesig opgelig om tot יהוה te bid en het 'n vas vir al die inwoners van Y'hudah uitgeroep. Hy het vir hulle gesê: "Kom, kry julleself bymekaar en laat ons van יהוה, ons God, vra."
- 4 Al die inwoners van Y'hudah het bymekaargekom, selfs van veraf stede en hulle het gekom om van God te vra.
- 5 Y'hoshafat het opgestaan in die vergadering van Y'hudah in die huis van יהוה, wat in Yerushalayim is, voor die nuwe hof
- 6 en hy het gebed en gesê: "O יהוה, God van ons vaders, U is God in die hemel en U is die Heerser oor al die koninkryke van die nasies en aan U behoort die mag en die krag. Nou staan ek voor U en bid.
- 7 U is ons God, wat die inwoners van hierdie land voor U volk Yisra'el vernietig het en dit vir die nageslag van Avraham, U vriend, gegee het vir ewig. ^{Rom 11:1}
- 8 Hulle het daarin gebly en daarin vir U 'n Afgesonderde Plek gebou en gesê:
- 9 'Omdat daar 'n Afgesonderde Plek tussen ons is, sal geen boosheid oor ons kom nie; nie die swaard, straf, pes of hongersnood nie, of ons sal voor hierdie gebou, want U Naam (Karakter en Outoriteit) is uitgeroep oor hierdie gebou, voor U kom staan en ons sal tot U bid in hierdie gebou en U sal ons gebed hoor en ons red.'

- 10 Nou, let op, die kinders van 'Ammon, van Mo'av en van die berg Se'ir, vir wie U Yisra'el nie toegelaat het om binne te val toe U hulle uit Mitzrayim uitgebring het en die juk van Mitzrayim van hulle af verwyder het nie,
- 11 let op, hulle vergeld ons nou. Hulle kom om ons uit U besitting te verdryf wat U aan ons gegee het as erfenis.
- 12 O, ons God, maak Usself bekend en oordeel hulle, want ons het geen krag om teen hulle te staan nie. Bring die swaard van U oordeel ^{Yeg 35:10-15} oor hulle, want ons weet nie wat om te doen nie, maar ons oë is op U."
- 13 Die hele Y'hudah het voor יהוה gestaan, hulle kleintjies, hulle vroue, hulle seuns en hulle dogters.
- 14 Toe kom die Gees van יהוה met mag op Yagzi'el, die seun van Z'kharyahu, die seun van B'nayah, die seun van Ye'i'el, die seun van Matanyah, 'n Leviet uit die seuns van Asaf terwyl hy voor die mense van Yisra'el gestaan het
- 15 en hy het gesê: "Luister, almal wat uit Y'hudah is, inwoners van Yerushalayim en koning Y'hoshafat, so sê יהוה, julle God: 'Moenie bang of ontsteld wees vanweë hierdie groot weermag nie, want die geveg is nie julle s'n nie, maar God s'n.
- 16 Maak gou, gaan af teen hulle, let op, hulle kom vroeg in die oggend op en julle sal hulle aan die einde van die vallei kry, voor die wildernis. Hulle kom op om teen jou te veg.
- 17 In daardie uur, staan stil en sien die verlossing wat יהוה vir jou sal bring. O, Y'hudah en Yerushalayim, moenie vrees of ontsteld wees nie, gaan môre teen hulle uit en יהוה sal julle help'."
- 18 Toe het Y'hoshafat neergebuig met sy gesig teen die grond en aanbid en die hele Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim het voor die Teenwoordigheid van יהוה neergeval om יהוה te aanbid.
- 19 Die Leviete van die nageslag van die K'hatiete en uit die nageslag van die Koragiete het opgestaan om יהוה, die God van Yisra'el, met 'n baie harde stem te lofprys.
- 20 Hulle het vroeg die oggend opgestaan en na die wildernis van T'koa gegaan. Terwyl hulle uitgaan, het Y'hoshafat gaan staan en gesê: "Luister na my, Y'hudah en inwoners van Yerushalayim! Vertrou in יהוה, julle God sodat julle opgebou sal word; vertrou in Sy profete en julle sal bevry word."
- 21 Toe het hy tussen die volk gestaan en gesê: "Kom, laat ons dank bring aan יהוה en lofprying tot die grootheid van Sy Afsonderdheid, soos Hy voor ons magte uitgaan om vir ons te veg teen ons vyande." Hulle het gesê: "Loof en dank יהוה, want Hy is goed, sy liefdevolle goedheid duur vir ewig!" Toe het die heuwels begin lofprys en die berge hulle verheug!
- 22 Toe hulle begin het om te sing en te lofprys, het יהוה 'n hinderlaag opgestel teen die seuns van 'Ammon, Mo'av en die mense vanaf die gebergte van Se'ir wat teen Y'hudah gekom het en hulle is verslaan.
- 23 Die seuns van 'Ammon en Mo'av het teen die inwoners van die gebergte van Se'ir opgestaan, om hulle volkome uit te roei en te vernietig en toe hulle 'n einde gemaak het aan die inwoners van Se'ir, het hulle mekaar gehelp om mekaar te vernietig.

- 24 Toe Y'hudah by die wagtoring in die wildernis kom, het hulle na die menigte gekyk en let op, hulle was dooie liggame wat op die grond geval het en niemand het ontsnap nie.
- 25 Toe Y'hoshafat en die mense van Yisra'el gekom het om die buit in te samel, het hulle 'n oorvloed van buit gekry: rykdom, tome, perde en kosbare juwele en hulle het vir hulself gevat wat hulle ook al begeer het.
- 26 Dit het gebeur na drie dae, toe hulle klaar die buit versamel het, so baie was dit, dat hulle op die vierde dag in die vallei van B'rakhah (Seëning) vergader het, want daar het hulle יהוה-God geseën; daarom word dié plek B'rakhah genoem tot vandag toe.
- 27 Toe het al die manne van Y'hudah na Yerushalayim teruggegaan met Y'hoshafat aan hulle hoof, want hulle het met vreugde na Yerushalayim teruggegaan, want יהוה het dat hulle hul verbly oor hul vyande.
- 28 Hulle het na Yerushalayim, na die huis van יהוה, gekom met liedere, harpe, siters en reguit en gebuigde trompette.
- 29 Die vrees vir God het op al die koninkryke van daardie lande geval toe hulle hoor dat יהוה teen die vyande van Yisra'el geveg het.
- 30 Die heerskappy van Y'hoshafat was rustig, want יהוה het reg rondom aan hom rus gegee.
- 31 Y'hoshafat het oor Y'hudah regeer. Hy was vyf en dertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vyf en twintig jaar in Yerushalayim regeer. Sy moeder se naam was 'Azuvah, die dogter van Shilgi.
- 32 Hy het in al die lewenswyses van sy vader Asa geleef en daar nie van afgewyk nie, deur dit te doen wat reg was in die oë van יהוה.
- 33 Nogtans is die altare op die hoë plekke nie verwyder nie, want tot nou toe het die volk nog nie hulle verstand, wil en emosie op die God van hulle vaders gerig nie.
- 34 Die res van die dade van Y'hoshafat, die vroeëre en die latere, let op, hulle is opgeskryf in die 'Gesegdes van Yehu,' die seun van Hanani, wat geskryf is in die Boekrol van die konings van Yisra'el.
- 35 Hierna het Y'hoshafat, die koning van Y'hudah, hom verbind met Agazyah, koning van Yisra'el, wat baie boos gedoen het, meer as al die konings van Yisra'el.
- 36 Hy het homself aan hom verbind om skepe van Tarshish te bou en te vaar. Hulle het die skepe gebou in 'Etzyon-Gever.
- 37 Toe het Eli'ezer, die seun van Y'hoshafat se oom, in die stad van Mareshah, teen Y'hoshafat geprofeteer en gesê: "As gevolg van u bondgenootskap met 'Agazyah, het יהוה al u werke frustreer en die skepe is beskadig en was nie in staat om na Tarshish te vaar nie."
- 21** 1 Y'hoshafat is neergelê by sy vaders en begrawe by sy vaders in die stad van Dawid. Y'horam, sy seun, het in sy plek geheers. ^{2 Kon 8:16-24}
- 2 Hy het broers gehad, seuns van Y'hoshafat: 'Azaryah, Yegi'el, Z'kharyahu, 'Azaryahu, Mikha'el en Sh'fatyahu; hulle was almal seuns van Y'hoshafat, koning van Y'hudah.

- 3 Hulle vader het aan hulle baie geskenke gegee in silwer, goud en baie ander geskenke saam met versterkte stede in Y'hudah, maar die koninkryk het hy aan Y'horam gegee, want hy was die eersgeborene.
- 4 Toe Y'horam opgestaan het in die koninkryk van sy vader en homself versterk het, het hy in 'n geveg al sy broers met die swaard doodgemaak sowel as sommige van die oudstes van Yisra'el.
- 5 Y'horam was twee en dertig jaar oud toe hy koning geword het en hy het agt jaar lank in Yerushalayim geheers.
- 6 Hy het in die lewenswyses van die konings van Yisra'el geleef, soos die huis van Ag'av gedoen het, want Ag'av se suster was sy vrou en hy het dit gedoen wat boos was in die oë van יהוה.
- 7 יהוה wou egter nie die huis van Dawid vernietig nie, ter wille van die verbond wat Hy met Dawid gesluit het en omdat Hy belowe het om vir hom en sy seuns 'n erfgenaam te gee vir ewig.
- 8 In sy dae het die Edomiete rebelleer onder die heerskappy van Y'hudah en vir hulleself 'n koning aangestel.
- 9 Toe het Y'horam en sy prinse en al sy strydwaens oor die Yarden getrek en in die nag opgestaan en die Edomiete verslaan wat hom, die prinse en die strydwaens omsingel het.
- 10 So het die Edomiete teen Y'hudah rebelleer tot vandag toe. Terselfdertyd het die Edomiete wat in Livnah gebly het, gerebelleer teen sy heerskappy, want Y'horam het יהוה, die God van sy vaders, verlaat.
- 11 Hy het ook tempels op hoë plekke in die berge van Y'hudah gemaak en die Natzireërs in Yerushalayim laat wyn drink en die huis van Y'hudah verstrooi. ^{Am 2:12}
- 12 Daar is aan hom 'n brief vanaf Eliyahu, die profeet, gebring wat sê: "So sê יהוה, die God van Dawid, u vader: omdat u nie geleef het in die lewenswyses van Y'hoshafat, u vader, of in die lewenswyses van Asa, koning van Y'hudah, nie,
- 13 maar geleef het in die lewenswyses van die konings van Yisra'el en veroorsaak het dat Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim afgedwaal het na die hoererye van die huis van Ag'av en selfs u broers, die huis van u vader, vermoor het, wat beter was as u,
- 14 let op, יהוה sal u met 'n groot plaag tref, saam met u volk, u seuns, u vroue en al u besittings.
- 15 U self sal sterf aan 'n ernstige siekte, verkeer word van binne totdat u ingewande vanweë die siekte uitkom en u sal vir baie jare geteister word. ^{Deut 28:22}
- 16 יהוה het ook die gees van die F'lishtyne en van die Arabiere wat naby die Kushiete is, teen Y'horam opgewek.
- 17 Hulle het teen Y'hudah opgetrek en dit verower en alles wat in die huis van die koning te vinde was, weggevoer, ook sy seuns en sy vroue sodat daar vir hom geen seun oorgebly het nie, behalwe Agazyah, sy jongste seun.
- 18 Ná dit alles het יהוה hom in sy ingewande aangetas met 'n ongeneeslike siekte.

- 19 Dit het gebeur dat met verloop van tyd, ná die einde van twee jaar, die woorde van die profeet waar geword het, sy ingewande het uitgekom weens sy siekte sodat hy onder hewige pyn gesterf het. Sy volk het hom nie vereer met 'n begrafnis soos vir sy vaders nie.
- 20 Hy was twee en dertig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vir agt jaar in Yerushalayim regeer en sy heengaan was nie 'n teleurstelling nie en hy is begrawe in die stad van Dawid, sy vader, maar nie in die grafte van die konings nie.
- 22** 1 Toe maak die inwoners van Yerushalayim vir Agazyah, sy jongste seun, koning in sy plek, want die bende wat met die Arabiere in die laer gekom het, het al die oueres doodgemaak; dus het Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, geheers. ^{2 Kon 8:25-9:29}
- 2 Agazyah was twee en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het een jaar in Yerushalayim regeer. Sy moeder se naam was 'Atalyahu, die dogter van 'Omri.
- 3 Hy het geleef in die lewenswyses van die huis van Ag'av, want hy was die seun van Ag'av se suster.
- 4 Hy het ook baie sonde gedoen en boos opgetree in die oë van יהוה net soos die huis van Ag'av, want hulle was, ná die dood van sy vader, sy raadgewers, tot sy vernietiging,
- 5 want hy het volgens hulle raad gehandel en saam met Y'horam, die seun van Ag'av, koning van Yisra'el, opgetrek om oorlog te maak teen Haza'el, koning van Aram, by Ramot-Gil'ad en die Arameërs het Y'horam verslaan.
- 6 Hy het teruggekom om in Yizre'el te herstel van die wonde wat hy opgedoen het by Ramah in die oorlog teen Haza'el, koning van Aram. Agazyah, die seun van Y'horam, koning van Y'hudah, het afgekom om Y'horam, die seun van Ag'av, in Yizre'el te besoek, want hy was siek.
- 7 Die vernietiging van Agazyah is deur God bepaal, wat voorgeskryf het dat hy na Y'horam toe moes kom; daar aangekom, het hy saam met Y'horam uitgegaan om vir Yehu, die seun van Nimshi, te ontmoet, wat deur יהוה gesalf is om die huis van Ag'av uit te roei.
- 8 Toe Yehu die oordeel uitgevoer het op die huis van Ag'av, het hy die prinse van Y'hudah en die seuns van die broers van Agazyah, wat Agazyah bedien het, gevind en hulle doodgemaak.
- 9 Hy het vir Agazyah gesoek en hulle het hom gevang waar hy in Shomron wegkruip en hom na Yehu gebring. Nadat hulle hom doodgemaak het, het hulle hom begrawe, want hulle het gesê: "Hy is die seun van Y'hoshafat, wat יהוה met sy hele verstand, wil en emosie gesoek het." Die huis van Agazyah het niemand gehad met outoriteit om oor die koninkryk te heers nie.
- 10 Toe 'Atalyah, die moeder van Agazyah, sien dat haar seun dood is, het sy opgestaan en al die seuns van die koning van die huis van Y'hudah doodgemaak.
- 11 Y'hosh'va, die dogter van die koning, het egter vir Yo'ash, die seun van Agazyah, gesteel vanuit die koning se seuns wat op die punt was om doodgemaak te word en hom en sy versorger in haar kamer gebring. Y'hosh'va, die dogter van koning Y'horam, die vrou van Y'hoyadah, die priester; dus was sy die suster van Agazyah, het hom vir 'Atalyah weggesteek sodat sy hom nie doodgemaak het nie.

12 Hy was by haar weggesteek in die huis van God vir ses jaar terwyl 'Atalyah oor die land regeer het.

23 1 In die sewende jaar het Y'hoyadah homself versterk saam met die bevelvoerders oor 'n honderd: 'Azaryah, die seun van Yerogam, Yishma'el, die seun van Y'hoganan, 'Azaryah, die seun van 'Oved, Ma'aseiyahu, die seun van 'Adayahu en Elishafat, die seun van Zikhri.

2 Hulle het rondgegaan in Y'hudah en die Leviete bymekaargemaak uit al die stede van Y'hudah en die hoofde van die vaders van Yisra'el en hulle het na Yerushalayim gekom.

3 Die hele vergadering het in die huis van יהוה met die koning 'n verbond gesluit. Y'hoyadah het vir hulle gesê: "Let op, die seun van die koning moet oor julle heers soos יהוה met Dawid, Sy dienskneg, gepraat het.

4 Dit is wat julle moet doen: 'n derde deel van julle wat op die Shabbat in die tempel ingaan; van die priesters, die Leviete en die poortwagters; sal op wag wees.

5 'n Derde deel sal by die huis van die koning wees en 'n derde deel by die Fondasiepoort en die hele volk sal op wag wees in die howe van die huis van יהוה.

6 Niemand mag egter in die huis van יהוה ingaan nie, behalwe die priesters en die Leviete; hulle mag ingaan, want hulle is afgesonderd, maar die hele volk moet waghouding oor die huis van יהוה.

7 Die Leviete moet rondom die koning gaan staan, elkeen met sy wapens in sy hand en wie anders ook al die binneste van die huis ingaan, moet gedood word, maar julle moet by die koning wees as hy in- en as hy uitgaan."

8 Die Leviete en die hele Y'hudah het gedoen net soos die priester Y'hoyadah beveel het: elkeen het sy manne gevat wat op die Shabbat moes waghouding saam met die wat op die Shabbat uitgaan, want Y'hoyadah, die priester, het hulle van hulle pligte onthef.

9 Y'hoyadah, die priester, het aan die bevelvoerders oor 'n honderd die spiese, die klein skilde en die skilde van koning Dawid gegee wat in die huis van יהוה was.

10 Elke man het opgestaan met sy wapen in sy hand, van die regterkant van die tempel af tot by die linkerkant van die tempel, by die altaar en na die tempel toe en rondom die koning.

11 Toe het hulle die seun van die koning uitgebring en die kroon op sy kop gesit, aan hom die septer gegee en hom koning gemaak. Y'hoyadah en sy seuns het hom gesalf en gesê: "Lank leef die koning!"

12 Toe 'Atalyah die klanke van die mense hoor wat hulle verheug en יהוה loof, het sy na die koning toe gekom in die huis van יהוה.

13 Sy het gekyk en let op, die koning staan by die pilaar volgens die gebruik van die konings en die volk het met reguit en gebuigde trompette geblaas voor die koning en die hele volk was verheug en het op trompette geblaas saam met die sangers, begelei met musiekinstrumente. Toe skeur 'Atalyah haar klere en roep uit: "Verraad, verraad!"

- 14 Toe het Y'hoyadah, die priester, die bevelvoerders oor 'n honderd, wat oor die leër aangestel is, beveel en vir hulle gesê: "Vat haar weg uit die rye uit en die wat agter haar aankom, moet met die swaard gedood word," want die priester het gesê: "Julle mag haar nie in die huis van יהוה doodmaak nie."
- 15 Toe het hulle vir haar 'n pad oopgemaak en sy het na die ingang van die Perdepoort gegaan en is daar doodgemaak.
- 16 Y'hoyadah het 'n verbond gesluit tussen homself en die hele volk en tussen homself en die koning sodat hulle יהוה se volk sou wees.
- 17 Toe het die hele volk na die tempel van Ba'al gegaan en dit afgebreek en sy altare en beelde in stukke geslaan en die priester van Ba'al voor die altaar doodgemaak.
- 18 Y'hoyadah het ook amptenare in die huis van יהוה aangestel en die Leviëte en priesters wat Dawid ingedeel het in afdelings, om in beheer te wees van die huis van יהוה om brandoffers aan יהוה te offer, soos dit geskryf is in die wet van Mosheh, met blydschap en sang, soos Dawid dit ingestel het, aangestel.
- 19 Hy het poortwagters by die poorte van die huis van יהוה gesit sodat niemand kon inkom wat in enige opsig onrein was nie.
- 20 Hy het die bevelvoerders oor 'n honderd gevat en die goewerneurs van die volk en al die mense van die land en hulle het deur die Boonste poort van die koning se huis gegaan en hom op die koninkryk se troon laat sit.
- 21 Die hele volk van die land het hulle verbly en met trompette geblaas nadat hulle 'Atalyah met die swaard doodgemaak het.
- 24** 1 Yo'ash was sewe jaar oud toe hy begin heers het en hy het veertig jaar lank in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Tzivyah, uit die stad Be'er-Sh'va. ² Kon 12:1-14:1
- 2 Yo'ash het dit gedoen wat reg was in die oë van יהוה, al die dae van die priester Y'hoyadah.
- 3 Y'hoyadah, die priester, het vir hom twee vroue geneem en hy het die vader geword van seuns en dogters.
- 4 Dit het gebeur na hierdie dinge dat Y'hoyadah in die geheim, saam met Yo'ash, besluit het om die huis van יהוה te herstel en alles wat in dit nodig was.
- 5 Y'hoyadah, die priester, het al die priesters en die Leviëte bymekaargemaak en vir hulle gesê: "Gaan uit na die stede van Y'hudah en versamel silwer en goud uit die hele Yisra'el om van jaar tot jaar die huis van julle God te herstel en julle moet gou maak met die saak!
- 6 Die koning het die hoofpriester, Y'hoyadah, geroep en vir hom gesê: "Waarom het jy nie vereis dat die Leviëte uit Y'hudah en uit Yerushalayim die belasting, wat Mosheh, die kneg van יהוה, voorgeskryf het, inbring nie en die vergadering van Yisra'el vir die Fees van Sukkot oproep nie?"
- 7 'Atalyah het boosheid onderrig en die huis van God opgebreek en wat ook al die afgesonderde voorwerpe wat in die huis van יהוה was, vir die aanbidding van afgode gebruik.
- 8 Op bevel van die koning het hulle 'n kis gemaak en dit buitekant die poort van die huis van יהוה neergesit.

- 9 Hulle het uitgeroep in Y'hudah en in Yerushalayim om aan יהוה die deel wat Mosheh, die dienskneg van God, op Yisra'el in die woestyn gelê het, te bring.
- 10 Al die prinse en die hele volk het hulle verheug en geskenke ingebring, die kis op sy plek gesit en ingegooi totdat dit vol was.
- 11 Wanneer hulle sien dat daar baie geld in die kis was, het die koning se skrywer en die opsigter van die hoofpriester se huis gekom en die geld getel en in sakke gesit.
- 12 Hulle het dit aan hulle gegee wat die werk van die diens van die huis van יהוה doen en het klipkappers en skrynwerkers gehuur om die huis van יהוה te herstel, asook yster- en kopersmede om die huis van יהוה te herstel.
- 13 Die werkers het gewerk en die werk vervolmaak sodat die huis van God herstel is en hulle het dit versterk.
- 14 Toe hulle klaar was, het hulle die orige geld voor die koning en Y'hoyadah gebring, waarvan houters gemaak is vir die huis van יהוה, houters om te dien en te offer en lepels en goue en silwer voorwerpe. Hulle het voortdurend brandoffers gebring in die huis van יהוה al die dae van Y'hoyadah.
- 15 Y'hoyadah het oud geword en was vol van dae toe hy dood is. Hy was 'n honderd en dertig jaar oud toe hy gesterf het.
- 16 Hulle het hom begrawe in die stad van Dawid by die konings en gesê: "So sal hy wat goed doen in Yisra'el beloon word." Hy het ook baie bygedra vir die huis van יהוה.
- 17 Ná die dood van Y'hoyadah, het die prinse van Y'hudah voor die koning kom buig en die koning het na hulle geluister ^{Deut 13:6-9}
- 18 en hulle het die huis van יהוה, die God van hulle vaders, verlaat en gegaan en beelde en afgode gedien. Woede het oor Y'hudah en Yerushalayim gekom omdat hulle hierdie sonde gedoen het.
- 19 Nogtans het God profete na hulle gestuur om hulle terug te bring van hulle lewenswyses af, maar hulle wou nie luister nie. Die profete het teen hulle getuig, maar hulle wou nie gehoor gee nie.
- 20 Die Gees van יהוה het op Z'kharyah, die seun van Y'hoyadah, die priester, gekom en hy het hoër as die volk gaan staan en vir hulle gesê: "So sê יהוה: Waarom oortree julle die opdragte van יהוה dat julle nie voorspoedig kan wees nie? Omdat julle My lewenswyses verlaat het, sal Ek julle verlaat."
- 21 Daarop het hulle 'n sameswering teen hom gesmee en hom op bevel van die koning in die voorhof van die huis van יהוה gestenig. ^{Mat 23:35; Luk 11:51}
- 22 So het koning Yo'ash die guns wat Y'hoyadah, sy vader, aan hom bewys het, nie onthou nie, maar sy seun na hom doodgemaak. Toe sy seun op die punt was om doodgemaak te word, het hy gesê: "Mag יהוה dit sien en wraak neem!"
- 23 Dit het gebeur aan die einde van die jaar dat 'n leër van Aram teen hom opgetrek het en hulle het in Y'hudah en Yerushalayim aangekom en al die prinse van die volk uitgeroei en al hulle buit na die koning van Dammesek gestuur.
- 24 Alhoewel die leër van Aram met 'n klein aantal manne gekom het, het יהוה 'n baie groot leër in hulle hand gegee omdat hulle יהוה, die God van hulle vaders, verlaat het. Dit wat Yo'ash gedoen het, is veroordeel deur die regters.

25 Toe hulle van hom af weggegaan het, want hulle het hom in 'n ernstige siektetoestand verlaat, het sy diensknegte 'n sameswering teen hom gesmee vanweë die bloed van die seun van Y'hoyadah, die priester en hulle het hom op sy bed vermoor en hy is dood. Hy is begrawe in die stad van Dawid, sy vader, maar hulle het hom nie in die grafte van die konings begrawe nie.

26 Hierdie is die name van hulle wat teen hom saamgesweer het: Yozakhar, die seun van Shim'at, die 'Ammoniet en Y'hozavad, die seun van Shomer, die Mo'aviet,

27 asook sy seuns en baie ander het teen hom saamgesweer. Die res van die sondes wat hy gepleeg het in die huis van יהוה, let op, dit is opgeskryf in die Gedigte van die Boek van die konings. Amatzyahu het in sy plek geheers.

25 1 Amatzyahu was vyf en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het nege en twintig jaar in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Y'ho'addan, van Yerushalayim. ^{2 Kon 12:22; 14:1-20}

2 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה, maar nie met 'n volmaakte verstand, wil en emosie nie.

3 Dit het gebeur toe die koninkryk stewig in sy hand was dat hy sy diensknegte, wat sy vader, die koning, vermoor het, doodgemaak het,

4 maar nie hulle kinders nie, want so is dit geskryf in die boek van die wet van Mosheh, waar יהוה dit beveel het: “Die vaders moenie vir die kinders sterf en die kinders moenie vir die vaders sterf nie, maar elke man sal sterf vir sy eie sonde.” ^{Deut 24:16}

5 Amatzyahu het Y'hudah bymekaar laat kom en bevelvoerders oor 'n duisend en bevelvoerders oor 'n honderd oor hulle aangestel, volgens die huise van hulle vaders, regdeur die hele Y'hudah en Binyamin. Hy het hulle getel van twintig jaar oud en daarbo en gevind dat hulle drie honderd duisend jongmanne was, wat swaard en skild kon hanteer, in staat om te gaan oorlog maak.

6 Hy het ook 'n honderd duisend dapper magtige manne uit Yisra'el vir 'n honderd talente silwer gehuur.

7 Daar het egter 'n profeet van God na hom toe gekom en gesê: “O koning, laat die hele leër van Yisra'el nie saam met u gaan nie, want יהוה is nie by Yisra'el, of by die hele huis van Efrayim nie.

8 U sal in 'n groot geveg betrokke raak en יהוה sal u laat val voor u vyande, want u het יהוה nie gelofprys nie, want Hy is die Helper en Een wat verhoog.”

9 Amatzyahu sê vir die man van God: “Watter oortreding het ek begaan deur die honderd talente vir die manne van Yisra'el te gee?” Die man van God antwoord: “יהוה is in staat om vir u baie meer as dit te gee, dubbel wat u gegee het.”

10 Toe het Amatzyahu die manne wat uit Efrayim gekom het afgesonder om weer huis toe te gaan, maar hulle het baie kwaad geword en hy het hulle in woede teruggestuur.

11 Amatzyahu het homself versterk en sy manne gelei en na die Vallei van Sout gegaan en tien duisend van die manne wat vanaf Se'ir is, verslaan.

12 Die seuns van Y'hudah het nog tien duisend lewendig gevang en hulle na die top van die krans gebring, almal in kettings gebind.

- 13 Die dapper manne wat Amatzyahu laat teruggaan het, het 'n plundertog onderneem in die stede van Y'hudah, Shomron en die stede van die ander nasies en het drie duisend manne gedood en baie buit geroof.
- 14 Dit het gebeur toe Amatzyahu teruggekom het nadat hy die Edomiete verslaan het, hulle vir hom die gode van die manne van Se'ir gebring het en hy het hulle voor hom opgestel en hom voor hulle neergebuig en vir hulle wierook laat opgaan;
- 15 daarom het die woede van יהוה teen Amatzyahu ontvlam en Hy stuur 'n profeet na hom, wat vir hom sê: “Waarom het jy gebid voor die gode van die ander nasies, wat nie hulle eie volk uit u hand kon red nie?”
- 16 Dit het gebeur terwyl die profeet met hom praat dat die koning vir hom sê: “Die aanbidding van houtvoorwerpe is deur die konings opgeneem.” Toe onttrek die profeet van hom en sê: “Wee tot u, let op, יהוה het besluit om u te vernietig omdat u dit gedoen het en nie na my raad geluister het nie.”
- 17 Amatzyahu, die koning van Y'hudah, het raad gekry en gestuur na Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, die seun van Yehu, koning van Yisra'el, om te sê: “Kom, laat ons mekaar se gesigte sien in geveg.”
- 18 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het Amatzyahu, koning van Y'hudah, so geantwoord: “Die distel wat op die L'vanon is, het vir die seder wat op die L'vanon is, laat weet: ‘Gee jou dogter aan my seun as vrou en daar het 'n wilde dier in die L'vanon verbygegaan en die distel vertrap.’
- 19 Omdat u die Edomiete verslaan het, het u verstand, wil en emosie u opgelig om te roem. Behou u waardigheid en bly tuis. Waarom wil u moeilikheid opstook dat u sou val, u en die hele Y'hudah saam met u?”
- 20 Amatzyahu wou egter nie luister nie en toe het Y'ho'ash, koning van Yisra'el en Amatzyahu, koning van Y'hudah opgetrek
- 21 en mekaar gekonfronteer in 'n geveg by die dorp Beit-Shemesh wat op die grens van Y'hudah is.
- 22 Y'hudah is voor Yisra'el verslaan en hulle het, elkeen na sy tent toe, gevlug.
- 23 Y'ho'ash, koning van Yisra'el, het vir Amatzyahu, koning van Y'hudah, in Beit-Shemesh gevang en hom na Yerushalayim gebring en vier honderd el van die muur van Yerushalayim afgebreek, vanaf die Efrayimspoort tot by die Hoekpoort.
- 24 Hy het al die goud, die silwer en al die voorwerpe wat in die huis van God te vinde was sowel as die voorwerpe wat by Oved-Edom gehou is en die skatte van die huis van die koning en die voorwerpe van die koning en die voorwerpe van goud gevat en na Shomron teruggegaan.
- 25 Amatzyahu, die seun van Yo'ash, koning van Y'hudah, het ná die dood van Y'ho'ash, die seun van Y'ho'agaz, koning van Yisra'el, nog vyftien jaar geleef.
- 26 Die res van die dae van Amatzyahu, die vroeëre en die latere, let op, hulle is geskryf in die Boek van die konings van Y'hudah en Yisra'el.
- 27 Vanaf die tyd dat Amatzyahu van יהודה af weggedraai het, het sy diensknegte 'n sameswering teen hom gesmee in Yerushalayim sodat hy na Lakhish gevlug het, maar hulle het agter hom aangestuur na Lakhish en hom daar doodgemaak.
- 28 Sy diensknegte het hom op perde gebring en hom by sy vaders begrawe in die stad van Dawid.

- 26** ¹ Toe het die hele volk van Y'hudah vir 'Uziyahu, sy seun gevat, wat toe sestien jaar oud was en hom koning gemaak in die plek van sy vader Amatzyahu. ^{2 Kon 15:1-7}
- ² Hy het, nadat die koning by sy vaders neergelê is, Eilat opgebou en aan Y'hudah terugbesorg.
- ³ 'Uziyahu was sestien jaar oud toe hy begin heers het en hy het twee en vyftig jaar in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Y'kholyahu, van Yerushalayim.
- ⁴ Hy het gedoen dit wat reg was in die oë van יהוה net soos sy vader, Dawid, gedoen het.
- ⁵ Hy het tot God gebid in die dae van Z'kharyah, wat hom onderrig gegee het in die aanbidding van יהוה en יהוה het al sy dade voorspoedig gemaak.
- ⁶ Hy het gegaan en teen die F'lishtyne oorlog gemaak en die muur van Gat, die muur van Yavneh en die muur van Ashdod afgebreek.
- ⁷ God het hom gehelp teen die F'lishtyne, teen die Arabiere wat in Gur-Ba'al gewoon het en teen die Me'uniete.
- ⁸ Sy roem het uitgebrei tot by die land van Mitzrayim, want hy het aangehou veg.
- ⁹ Verder het 'Uziyahu torings gebou in Yerushalayim by die Hoekpoort en by die Westelike poort en hulle met ysters versterk.
- ¹⁰ Hy het ook baie torings in die stede wat hy gehad het, gebou en baie kastele, want hy het baie rykdom gehad en plaasboere en werkers beide in die vlaktes en op die berge, want hy het baie beste gehad.
- ¹¹ Verder het 'Uziyahu 'n leër gehad van magtige manne wat uitgegaan het in oorlog. Hulle was twee en dertig duisend ses honderd.
- ¹² Die ander wat in die platteland gebly het, was drie honderd duisend en die manne wat swaarde gedra het was sewe duisend vyf honderd.
- ¹³ Hulle het elke dag opgestaan om oor die koning wag te hou.
- ¹⁴ 'Uziyahu het vir hulle, regdeur die hele leërmag, skilde, spiese, helms, borsplate, boë en slingers, om stene te gooi, voorberei.
- ¹⁵ Sy roem het versprei na al die lande totdat hy baie ryk geword het,
- ¹⁶ maar toe hy baie ryk geword het, het sy hoogmoedigheid meer geword ^{Deut 17:18-20} en hy het oortree teen יהוה, sy God en in die tempel van יהוה ingegaan en wierook op die wierookaltaar gebrand.
- ¹⁷ Die priester, 'Azaryahu het agter hom ingegaan en vir hom gesê:
- ¹⁸ "Dit is nie u plek, o koning en u het ook nie die reg, om wierook op die altaar te brand nie.
- ¹⁹ Onmiddelik het 'Uziyahu se woede teen die priesters ontvlam en het hy beveel om hulle uit die Afgesonderde Plek te verwyder. Op daardie oomblik het die melaatsheid vanuit die Afgesonderde Plek gegaan en op die voorkop van koning 'Uziyahu geval soos hy ingaan om wierook in die huis van יהוה te brand.
- ²⁰ 'Azaryahu, die hoofpriester en al die priesters het na hom gedraai en let op, hy het gehaas om uit te gaan, want hy het geweet dat יהוה hom geslaan het.

- 21 Koning 'Uziah was melaats tot die dag van sy dood toe en het in 'n huis in afsondering gebly as melaatse, want hy het gelaster teen die huis van יהוה en sy seun, Yotam, was oor die paleis van die koning en het die volk van die land regeer.
- 22 Die res van die daad van 'Uziah, die vroeëre en die latere, let op, hulle is geskryf deur Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz.
- 23 'Uziah is neergelê by sy vaders en hulle het hom in die begraafplaas begrawe, nie op die plek wat aan die konings behoort nie, want hulle het gesê: "Hy is melaats." Yotam, sy seun, het in sy plek geheers.

27 1 Yotam was vyf en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer. Die naam van sy moeder was Yerushah, die dogter van Tzadok. ^{2 Kon 15:32-38}

- 2 Hy het gedoen dit wat reg was in die oë van יהוה net soos sy vader, 'Uziah, gedoen het. Nogtans het hy nagelaat om in die tempel van יהוה in te gaan en die volk was steeds korrupt.
- 3 Hy het die Boonste Poort van die huis van יהוה gebou en die muur voltooi en verbeter.
- 4 Verder het hy stede gebou in die land van Y'hudah en in die woude het hy kastele en torings gebou.
- 5 Hy het ook teen die 'Ammoniete geveg en hulle oorwin. Die seuns van 'Ammon het aan hom in dié jaar 'n honderd talente silwer en tien duisend kor koring en tien duisend kor gars gegee. Die 'Ammoniete het ook vir hom dieselfde in die tweede en derde jaar gegee.
- 6 Yotam het magtig geword, want hy het sy lewenswyse voor die Teenwoordigheid van יהוה, sy God, gevestig.
- 7 Die res van die daad van Yotam, al sy oorloë en sy lewenswyse, let op, dit is opgeskryf in die 'Boek van die konings van Yisra'el en Y'hudah.'
- 8 Hy was vyf en twintig jaar oud toe hy koning geword het en het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer.
- 9 Yotam is neergelê by sy vaders en hy is begrawe in die stad van Dawid. Agaz, sy seun, het in sy plek geheers.

28 1 Agaz was twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het vir sestien jaar in Yerushalayim regeer en hy het nie gedoen wat reg was in die oë van יהוה soos sy vader, Dawid, nie, ^{2 Kon 16:1-20}

- 2 maar hy het geleef in die maniere van die konings van Yisra'el en ook altare vir die afgode gemaak.
- 3 Hy het verder ook wierook in groot valleie gebrand en sy seun deur die vuur laat gaan, volgens die gewoontes van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
- 4 Hy het ook geoffer en wierook gebrand op die altare, hoë plekke en onder elke mooi boom;

- 5 daarom het יהוה, sy God, hom oorgegee in die hand van die koning van Aram en hy het hom verslaan met 'n groot slagting en 'n groot menigte gevangenes weggevoer na Dammesek. Hy is ook oorgegee in die hand van die koning van Yisra'el wat hom verslaan het met 'n groot slagting.
- 6 Pekag, die seun van Remalyah, het in Y'hudah op een dag 'n honderd en twintig duisend doodgemaak, almal dapper manne omdat hulle יהוה, die God van hulle vaders, verlaat het.
- 7 Zikhri, 'n magtige man van Efrayim, het vir Ma'aseiyah, die seun van die koning en vir 'Azrikam, die goewerneur van die paleis en vir Elkanah, die tweede onder die koning, doodgemaak.
- 8 Die seuns van Yisra'el het van hulle broers twee honderd duisend as gevangenes weggevoer en hulle seuns en dogters en ook baie buit van hulle geroof en die buit na Shomron gebring.
- 9 Daar was egter 'n profeet van יהוה met die naam van 'Oded en hy het uitgegaan na die leër wat aan't kom was na Shomron en vir hulle gesê: "Let op omdat יהוה, die God van julle vaders, kwaad was vir Y'hudah het Hy hulle in jul hand oorgegee en julle het hulle doodgemaak en was nie vir hulle jammer nie.
- 10 Nou beplan julle om hulle jul slawe en slavinne te maak en selfs nou weet julle dat julle hierdie sonde gedoen het in die Teenwoordigheid van יהוה, julle God." ^{Lev 25:39,42}
- 11 Luister daarom na my en stuur hulle wat julle van jul broers gevange geneem het, terug sodat die groot woede van יהוה nie op julle kom nie!"
- 12 Toe het sekere van die hoofde van die kinders van Efrayim opgestaan teen hulle wat uit die oorlog kom: 'Azaryahu, die seun van Y'hoganan, Berekhyahu, die seun van Meshillemot, Y'gizkiyah, die seun van Shallum en 'Amasa, die seun van Hadlai
- 13 en vir hulle gesê: "Julle mag nie die gevangenes hierheen bring nie dat ons nie weer teen יהוה, ons God, sondig nie. Julle wil byvoeg by ons oortredinge en ons sondes, want ons sondes is uitermate groot."
- 14 Hulle het toe al die gevangenes teruggestuur na Yerushalayim, tog het hulle weer bedrieglik teenoor יהוה opgetree.
- 15 Die manne wat volgens naam aangewys is, het opgestaan en die gevangenes gevat en almal wat kaal was uit die buit aangetrek, vir hulle klere gegee en skoene en hulle laat eet en drink en hulle gesalf en almal wat swak was, op donkies vervoer en hulle tot by Yerigo, die Palmstad, na hul broers gebring; toe het hulle na Shomron teruggegaan.
- 16 In daardie tyd het koning Agaz die koning van Ashur gevra om hom te help,
- 17 want in hierdie tyd het die Edomiete gekom en Y'hudah verslaan en gevangenes weggevoer.
- 18 Ook die F'lishtyne het gekom en die stede van die Laeveld en die Suidland van Y'hudah beleër en hulle het Beit-Shemesh, Ayalon, G'derot, Sokho, met sy dorpies, Timnah met sy dorpies en Gimzo met sy dorpies, verower,
- 19 want יהוה het Y'hudah verneder ter wille van die sondes van Agaz, die koning van Y'hudah omdat hy wetteloosheid in Y'hudah bevorder en ernstig teen יהוה oortree het.

- 20 Tiglath-Pil'ser, koning van Ashur, het hom aangeval en teen hom gekamp en hom baie ontstel.
- 21 Agaz het die voorwerpe uit die huis van יהודה en uit die huise van vorige konings en uit die huise van ryk manne weggevat en dit aan die koning van Ashur gegee sodat hy hom nie kwaad sou aandoen in sy tyd van benoudheid nie.
- 22 Dieselfde koning Agaz het egter nog meer teen יהודה oortree:
- 23 hy het geoffer aan die gode van Dammesek en gesê: "Julle is my gode en my meesters; aan julle sal ek aanbidding aanbied en offers bring." Hy was dus 'n struikelblok vir Y'hudah; hy het gesondig en al die mense van Y'hudah laat sondig.
- 24 Agaz het al die gereedskap van die huis van יהודה bymekaargebring en die gereedskap van die huis van יהודה in stukke gebreek en die binne en buite deure van die huis van יהודה toegesluit en vir hom altare gemaak op elke hoek in Yerushalayim.
- 25 In elke dorpie en gehuggie van Y'hudah het hy 'n altaar opgerig om ander gode te dien.
- 26 Die res van die dade van Agaz en sy lewenswyse, die vroeëre en die latere, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Y'hudah en Yisra'el.
- 27 Agaz is neergelê by sy vaders en hulle het hom in Yerushalayim begrawe, want hulle het hom nie in die grafte van die konings van Y'hudah gebring nie. Hizkiyahu, sy seun, het in sy plek geheers.

29 1 Hizkiyahu het begin heers toe hy vyf en twintig jaar oud was en nege en twintig jaar in Yerushalayim regeer. Sy moeder se naam was Aviyah, die dogter van Z'kharyah. Yes 36-39; 2 Kon 18:1-20:21

- 2 Hy het dit gedoen wat reg was in die oë van יהודה net soos sy vader, Dawid, gedoen het.
- 3 In die eerste jaar van sy regering, in die eerste maand, het hy die deure van die huis van יהודה oopgemaak en dit herstel.
- 4 Hy het die priesters en die Leviëte laat inkom en hulle bymekaar laat kom in die oopte na die ooste
- 5 en vir hulle gesê: "Luister na my, Leviëte! Sonder julle nou af en sonder die huis van יהודה, die God van julle vaders, af en verwyder julle bose werke uit julle gedagtes
- 6 sodat ons nie mag doen wat ons vaders gedoen het nie, want hulle het boos gedoen in die oë van יהודה, ons God en hulle het Hom verlaat en hulle gesigte weggedraai van die blyplek van יהודה en hulle rug gedraai.
- 7 Hulle het ook die deure van die stoepe toegesluit en die lampe doodgeblaas en geen wierook gebrand of brandoffers geoffer op die altaar van die God van Yisra'el nie;
- 8 daarom het die woede van יהודה oor Y'hudah en Yerushalayim gekom en Hy het hulle oorgegee aan 'n vloek, verlatenheid en die swaard, soos wat julle met jul eie oë sien.
- 9 Let op, ons vaders het deur die swaard geval en ons seuns, ons dogters en ons vroue is in gevangenskap.

- 10 Nou, aangesien ons afgedwaal het daarvan om יהוה, ons God, te volg en die verbond verlaat het wat Hy met ons vaders gesluit het, het Hy ons ook verlaat.
- 11 My seuns, moenie nou nalatig wees nie, want יהוה het julle gekies om voor Hom te staan, om Hom te dien, tot Hom te bedien en wierook te laat brand.”
- 12 Toe het die Leviete opgestaan: Magat, die seun van `Amasai en Yo`el, die seun van `Azaryahu, uit die seuns van die K`hatiete; uit die seuns van M`rari: Kish, die seun van `Avdi en `Azaryahu, die seun van Yehallel`el; uit die Gershuniete: Yo`ag, die seun van Zimmah en `Eden, die seun van Yo`ag;
- 13 uit die seuns van Elitafan: Shimri en Ye`i`el; uit die seuns van Asaf: Z`kharyah en Mattanyahu;
- 14 uit die seuns van Heman: Yegi`el en Shim`i; uit die seuns van Y`dutun: Sh`ma`yah en `Uzi`el.
- 15 Hulle het hul broers bymekaargemaak en hulself afgesonder en gekom om volgens die bevel van die koning, ooreenkomstig die woorde van יהוה, die huis van יהוה te reinig.
- 16 Die priesters het binne-in die binneste deel van die huis van יהוה ingegaan om dit te reinig en al die onreinheid wat hulle in die tempel van יהוה gevind het, uitgebring in die oopte van die huis van יהוה en die Leviete het dit gevat om dit uit te bring na buite, na die Kidronspruit.
- 17 Hulle het begin om dit af te sonder op die eerste van die eerste maand en op die agtste dag van die maand was hulle by die stoep van יהוה. Hulle het die huis van יהוה binne agt dae afgesonder en op die sestiende dag van die eerste maand was hulle klaar.
- 18 Toe het hulle na koning Hizkiyahu gegaan en gesê: “Ons het die hele huis van יהוה gereinig, die brandofferaltaar met al sy gereedskap, die tafel vir die brode van die Teenwoordigheid met al sy gereedskap,
- 19 ook al die gereedskap wat koning Agaz tydens sy regering deur sy oortreding weggegooi het, het ons voorberei en afgesonder en let op, hulle is voor die altaar van יהוה.
- 20 Toe het koning Hizkiyahu vroeg opgestaan en die oudstes van Yerushalayim bymekaargemaak en opgegaan na die huis van יהוה.
- 21 Hulle het vir hom sewe bulle, sewe ramme, sewe lammers en sewe bokramme as `n toedekking vir die koninkryk en vir die Afgesonderde Plek en vir Y`hudah gebring en hy het die seuns van Aharon, die priesters, beveel om dit op die altaar van יהוה te offer
- 22 en om die beeste te slag en die priesters beveel om die bloed op te vang en aan die horings van die altaar te sprinkel
- 23 en om die bokramme voor die koning en die vergadering van Yisra`el te bring en om hulle hande daarop te lê
- 24 dat die priesters hulle sal slag en die bloed daarvan teen die altaar se horings sprinkel om `n toedekking te doen vir die hele Yisra`el, want die koning het beveel dat die hele Yisra`el brandoffers en offers moet bring.

- 25 Hy het die Leviete opgestel in die huis van יהוה met simbale, begeleide liedere en met die liedere van Dawid, van Gad, die profeet van die koning en van die profeet Natan, want Dawid het die liedere van יהוה, sy God, gesing soos hulle gesing is deur die monde van die profete.
- 26 Die Leviete het gaan staan en die liedere van Dawid gesing en die priesters het op reguit en gekromde trompette geblaas.
- 27 Toe het Hizkiyahu beveel dat die brandoffer op die altaar geoffer moet word en toe die brandoffer begin, het Hizkiyahu ook die liedere van יהוה begin sing, volgens die liedere van Dawid, die koning van Yisra'el.
- 28 Die hele vergadering van Yisra'el het hulle neergebuig en liedere gesing en met die reguit en gekromde trompette geblaas totdat die brandoffers klaar was.
- 29 Toe hulle klaar geoffer het, het die koning en almal wat by hom was, gekniel en aanbid.
- 30 Verder het koning Hizkiyahu en die prinse die Leviete beveel om lofprysinge tot יהוה te sing met die woorde van Dawid en van Asaf, die profeet en hulle het lofsange met blydschap gesing en neergebuig en aanbid.
- 31 Hizkiyahu het geantwoord en gesê: "Nou het julle jul afgesonder vir יהוה se lewenswyse; kom nader en bring offers en dankoffers in die huis van יהוה." Die mense het offers en dankoffers gebring, alles wat hulle verstand, wil en emosie begeer, het hulle gebring.
- 32 Die getal van die brandoffers wat die mense gebring het, was sewentig beeste, 'n honderd ramme en twee honderd lammers; dit alles was as 'n brandoffer aan יהוה.
- 33 Die afgesonderde dinge was ses honderd beeste en drie duisend skape.
- 34 Die priesters was te min sodat hulle nie al die brandoffers kon slag nie; daarom het hulle broers, die Leviete, hulle gehelp totdat die werk voltooi is. Na dit het die priesters hulself afgesonder, want die Leviete was nederig en het hulself meer afgesonder as die priesters.
- 35 Ook die brandoffers was in oorfloed, saam met die vet van die vredesoffers en van die lammers vir die brandoffers. So was die diens van die huis van יהוה weer in orde.
- 36 Hizkiyahu en die hele volk van Yisra'el het hulle verheug omdat die diens van die tempel bereik is, want dit is gou gedoen.
- 30** 1 Hizkiyahu het gestuur na die hele Yisra'el en Y'hudah en het ook briewe geskryf aan Efrayim en M'nasheh sodat hulle sou kom na die huis van יהוה in Yerushalayim, om die Pesag tot eer van יהוה, die God van Yisra'el, te hou,
- 2 want die koning en sy prinse en die hele vergadering van Yisra'el het in Yerushalayim besluit om die Pesag tot יהוה, die God van Yisra'el, in die tweede maand ^{Num 9:11} te hou,
- 3 want hulle kon dit nie op die vasgestelde tyd hou nie omdat die priesters hulle nie afgesonder het nie en die volk se leermeesters hulle nie in Yerushalayim laat saamkom het nie.
- 4 Die saak was reg in die oë van die koning en in die oë van die hele volk van Yisra'el.

- 5 Hulle het die opdrag bevestig om dit uit te voer en 'n aankondiging gemaak deur die hele Yisra'el, vanaf Be'er-Sh'va tot by Dan, dat hulle moes kom om die Pesag tot eer van יהוה, die God van Yisra'el, in Yerushalayim te hou, want hulle het dit vir 'n lang tyd nie gehou, soos voorgeskryf is nie.
- 6 Die hardlopers het met die briewe uit die hand van die koning en sy prinse deur die hele Yisra'el en Y'hudah gegaan en volgens die bevel van die koning gesê: “Seuns van Yisra'el, draai julle weer terug na יהוה, die God van Avraham, Yitz'gak en Yisra'el en Hy sal Hom draai tot julle, die wat oorgebly en ontsnap het uit die hand van die konings van Ashur
- 7 en wees nie soos julle vaders en julle broers wat oortree het teen יהוה, die God van ons vaders sodat Hy hulle oorgegee het aan verlatenheid nie, soos julle sien.
- 8 Wees nou nie hardnekkig, soos julle vaders was nie, maar kom in die Afgesonderde Plek wat Hy vir ewig afgesonder het en dien יהוה, julle God, dat die erns van Sy woede van julle af kan wegdraai,
- 9 want Hy het Homself aan julle openbaar, aan julle seuns en broers en Hy sal aan julle liefdevolle omgee bewys deur die wat julle gevange weggevoer het en julle terugbring na hierdie land, want יהוה, julle God, is vol onverdiende guns en omgee en Hy sal nie Sy gesig wegdraai van julle as julle na Hom toe wegdraai nie.”
- 10 Die hardlopers van koning Hizkiyahu het van stad tot stad deur die land van Efrayim en M'nasheh gegaan en selfs tot by Z'vulun,
- 11 maar sommige van die bose manne uit die stam van Asher, Efrayim, M'nasheh en Z'vulun het hulle uitgelag en gespot.
- 12 Nogtans het die res van die manne van hierdie stamme hulle verneder en na Yerushalayim gekom saam met die stam van Y'hudah. Die hand van God was op hulle, om vir hulle 'n eensgesinde verstand, wil en emosie te gee om die opdrag van die koning en sy prinse volgens die woord van יהוה uit te voer.
- 13 Daar het in Yerushalayim baie mense bymekaargekom om die Fees van die Ongesuurde Brode in die tweede maand te hou, 'n baie groot vergadering.
- 14 Hulle het opgestaan en die altare verwyder wat in Yerushalayim was en ook al die wierookaltare van afgode verwyder en in die spruit van Kidron gegooi.
- 15 Toe het hulle die Pesag gevier op die veertiende van die tweede maand en die priesters en die Leviëte het hulleself afgesonder en brandoffers in die huis van יהוה ingebring.
- 16 Hulle het op hulle plekke gaan staan, volgens hulle ordes, soos dit geskryf is in die wet van Mosheh, die profeet van יהוה; die priesters het die bloed gesprinkel wat hulle uit die hand van die Leviëte ontvang het,
- 17 want daar was baie in die vergadering van Yisra'el wat hulleself nie afgesonder het nie; daarom het die Leviëte beheer gehad oor die slagting van die Pesaglamers en hulle het toegesien dat elkeen rein was, om hulle aan יהוה af te sonder. Deut 16:2, 5-7
- 18 Daar was 'n groot hoeveelheid mense van Efrayim, M'nasheh, Yissakhar en Z'vulun, wat hulleself nie gereinig het nie, tog het hulle die Pesaglam, nie volgens die wet nie, geëet, maar Hizkiyahu het vir hulle gebid en gesê: “Mag יהוה wat goed is, die hele Yisra'el vryspreek,

- 19 want ons het ons verstand, wil en emosies voorberei om tot יהוה, die God van ons vaders, te bid en afsondering sou ons nie meer gereinig het nie.”
- 20 יהוה het na die stem van Hizkiyahu geluister en die volk genees.
- 21 Die seuns van Yisra'el wat in Yerushalayim was, het die Fees van die Ongesuurde Brode vir sewe dae lank met groot blydschap gevier en die Leviëte en die priesters het יהוה dag vir dag geprys en liedere van lofprijsing gesing.
- 22 Hizkiyahu het met al die Leviëte gepraat wat goeie liedere voor יהוה gesing het en hulle het regdeur die fees, sewe dae lank geëet terwyl hulle vredesoffers geslag en belydenis gedoen het tot יהוה, die God van hulle vaders.
- 23 Die hele vergadering het aangebly om nog sewe dae fees te hou en hulle het die ander sewe dae met vreugde gevier,
- 24 want Hizkiyahu, koning van Y'hudah, het vir die vergadering van Yisra'el sewe duisend keur jong bulle, groot en klein en 'n duisend keur bulle en tien duisend skape gegee en 'n groot hoeveelheid priesters het hulleself afgesonder.
- 25 Die hele vergadering van Y'hudah, saam met die priesters en die Leviëte en die hele vergadering van die wat uit Yisra'el gekom het, asook die proseliete wat uit die land van Yisra'el gekom het en die wat in Y'hudah gebly het, het hulle verheug.
- 26 Daar was groot blydschap in Yerushalayim, want sedert die dae van Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el, was daar nie so iets in Yerushalayim nie.
- 27 Toe het die Leviëte en die priesters opgestaan en die volk geseën en יהוה het hulle stem gehoor en hulle gebed het opgegaan tot by Sy afgesonderde blyplek, tot in die hemele.
- 31** 1 Toe dit alles afgehandel is, het al die Yisra'eliete wat daar was na die stede van Y'hudah gegaan en die beelde in stukke gebreek en die luiperdbeelde afgekap en hoë plekke en altare afgebreek wat in Y'hudah, Binyamin, Efrayim en M'nasheh was totdat hulle dit almal volledig vernietig het. Toe het al die seuns van Yisra'el teruggegaan, elkeen na sy besitting en hulle het in vrede in hul eie stede ingegaan.
- 2 Hizkiyahu het die dienstye van die priesters en die Leviëte vasgestel volgens hulle afdelings, elkeen volgens sy dienswerk - die priesters en Leviëte vir die brandoffers en vredesoffers, om te dien en dank te bring en te lofprys in die poorte van die tempel van יהוה.
- 3 Die koning het uit sy eie besittings jong bulle gegee vir die oggend en aand brandoffers, die brandoffers vir die Shabbatte en die Nuwemane en die feestye, soos dit opgeskryf is in die wet van יהוה.
- 4 Verder het hy aan die mense wat in Yerushalayim bly, bevel gegee om die deel wat die priesters en Leviëte toekom, te gee sodat hulle bemoedig kon wees in die wet van יהוה.
- 5 Sodra die bevel uitgevaardig is in Yisra'el, het hulle die eerste vrugte van koring, wyn, olie en van hul beste en van die opbrengs van die land en die tiendes van alles in oorvloed gebring.

- 6 Die seuns van Yisra'el en Y'hudah wat in die stede van Y'hudah gebly het, het ook gawes gebring en aan יהוה, hulle God, geoffer. Hulle het tiende op tiende gebring van graan, wyn en hulle beeste en die opbrengs van die land. Hulle het die tiendes gebring en dit afgesonder vir יהוה, hulle God.
- 7 In die derde maand het hulle die fondasie van die tiende voorraad gelê en in die sewende maand het Hizkiyahu dit gevat en onder die priesters en Leviëte versprei.
- 8 Toe Hizkiyahu en die prinse sien dat die tiendes van die priesters so oorvloedig is, het hulle יהוה geseën en vir Yisra'el gebid.
- 9 Toe het Hizkiyahu vir die priesters en die Leviëte gebid aangaande die oorvloed van die tiendes.
- 10 Hy het 'Azaryahu, die hoofpriester, van die huis van Tzadok, laat roep en vir hom gesê: “Hierdie tiendes is vir julle gereed om geëet te word, want dit is in die huis van יהוה ingebring. Julle kan eet en versadig word en gee dit wat oor is vir die armes en die vaderloses, want יהוה het Sy volk geseën en aan hulle hierdie oorvloed gegee. Wat oor is, gee dit aan die mense van Yisra'el.”
- 11 Toe gee Hizkiyahu bevel om stoorkamers in die huis van יהוה in te rig en hulle het dit voorberei
- 12 en hulle het die tiendes en die toegewyde dinge getrou ingebring. Konanyahu, die Leviëte, is as hoof daarvoor aangestel en sy broer Shim'i as tweede in bevel.
- 13 Yegi'el, 'Azazyahu, Nagat, 'Asah'el, Yerimot, Yozavad, Eli'el, Yismagyah, Magat en B'nayahu was opsigters, onder toesig van Konanyahu en sy broer Shim'i, volgens die bevel van koning Hizkiyahu en 'Azaryahu, die hoofpriester oor die huis van יהוה.
- 14 Kore, die seun van Yimnah, die Leviëte, die poortwagter van die oostelike poort, was oor die vrywillige gawes aan יהוה en die mees afgesonderde dinge.
- 15 Saam met hom was 'Eden, Minyamin, Yeshua, Sh'ma'yahu, Amaryahu en Sh'khanyahu, in die stede van die priesters, in hul aangestelde ampte, om porsies aan hulle broers uit te deel, aan groot en klein dieselfde,
- 16 behalwe die mans wat opgeteken is van drie jaar en ouer, elkeen wat in die huis van יהוה ingekom het, hulle daaglikse porsie vir hulle dienswerk volgens hulle afdelings.
- 17 Olie en wyn is aan die priesters en die Leviëte gegee volgens hulle families, vanaf twintig jaar en ouer, volgens hulle verpligtinge in hulle afdelings.
- 18 Olie is vir hulle lanterns gegee, vir hulle vroue, hul seuns en hul dogters en aan die hele vergadering van Yisra'el, want hulle het hul getrou in hul ampswerk afgesonder.
- 19 Die seuns van Aharon, die priester, was afgesonderd; hulle het na elke dorpie en voorstad gegaan, manne wie se name bekend was, om porsies aan al die priesters en aan almal wat volgens nageslag as Leviëte erken is, te gee.
- 20 So het Hizkiyahu regdeur die hele Y'hudah gedoen en hy het gedoen wat goed en reg was en in waarheid voor יהוה geleef.
- 21 Elke werk wat hy begin het in die huis van יהוה en in die wet en die opdragte om sy God te soek, het hy met sy hele verstand, wil en emosie gedoen en was voorspoedig.

- 32** 1 Ná hierdie dinge en die getroue dade wat Hizkiyahu gedoen het, het Sangeriv, die koning van Ashur, gekom en Y'hudah binnegedring en die versterkte stede beleër en aan die inwoners gesê: “Gee aan my ’n belofte en kom oor na my toe.”
- 2 Toe Hizkiyahu sien dat Sangeriv, koning van Ashur en sy leërmag gekom het om teen Yerushalayim te veg,
- 3 het hy raad gehou met sy prinse en sy magtige manne om die fonteine se waters weg te steek wat buite die stad is en hulle het hom gehelp.
- 4 ’n Groot hoeveelheid van die mense van Yisra’el het bymekaargekom en al die fonteine en die groot spruite wat dwarsdeur die land loop toegemaak en gesê: “Anders kom die koning van Ashur en kry baie water.”
- 5 Hulle het hulself versterk en een muur oorkant die ander opgebou en die kanaal wat Dawid gebou het besoedel. Hizkiyahu het wapens, skilde en werpspiese in oorvloed laat maak.
- 6 Hy het oorlogsbevelvoerders oor die manne aangestel; elkeen oor tien en hulle by hom op die markplein van die stad vergader en met almal van hulle gepraat en gesê:
- 7 “Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bang of moedeloos wees vir die teenwoordigheid van die koning van Ashur of as gevolg van al die leërmagte wat saam met hom gekom het nie, want daar is meer by ons as by hom.
- 8 By hom is ’n arm van vlees, maar by ons is יהוה, ons God, om ons te help en ons gevegte te veg!” Die manne is bemoedig deur die woorde van Hizkiyahu, koning van Y'hudah.
- 9 Hierna het Sangeriv, koning van Ashur, vir Rav-Shakeh en sy diensknegte na Yerushalayim gestuur, (hyself en al sy bevelvoerders het Lakhish beleër), na al die mense van Y'hudah, wat in Yerushalayim was, om te sê:
- 10 “So sê Sangeriv, koning van Ashur: op wie vertrou julle dat julle in Yerushalayim bly tydens die beleëring?
- 11 Hizkiyahu mislei julle, om julle van honger en dors te laat sterf en verder mislei hy julle deur te sê: יהוה, ons God, sal ons bevry uit die hand van die koning van Ashur.
- 12 Het dieselfde Hizkiyahu nie Sy hoë plekke en Sy altare verwyder en Y'hudah en Yerushalayim beveel en gesê: ‘Voor één altaar moet julle jul neerbuig en daarop wierook offer?’ nie.
- 13 Miskien weet julle wat ék en my vaders aan al die volke van die ander lande gedoen het? Die gode van die nasies van daardie lande was nie in staat om hulle lande uit my hand te bevry nie.
- 14 Wie was daar onder al die gode van daardie nasies, wat my vaders volkome vernietig het, wat in staat was om sy volk uit my hand te bevry dat יהוה julle uit my hand sou kon bevry?
- 15 Moet daarom nie dat Hizkiyahu julle mislei of hierin laat vertrou nie en moet hom nie glo nie, want julle God sal julle nie uit my hand kan bevry nie, want al die nasies en koninkryke kon nie hul stede uit my hand of uit die hand van my vaders bevry nie; julle God sal julle ook nie uit my hand kan bevry nie.”

- 16 Sy diensknegte het hierdie dinge in die Teenwoordigheid van יְהוָה, God van Yisra'el, gepraat en in die teenwoordigheid van Sy dienskneg, Hizkiyahu.
- 17 Hy het ook briewe geskryf om יְהוָה, die God van Yisra'el, te spot en met die mense van Yisra'el te praat en gesê: “Soos die gode van die nasies van hierdie lande nie in staat was om hulle stede uit my hand te bevry nie, so sal die God van Hizkiyahu nie in staat wees om sy stad uit my hand te bevry nie.”
- 18 Toe het hulle hardop uitgeroep in die Joodse taal na die manne wat op die muur van Yerushalayim gesit het, om hulle bang te maak en te pla sodat hulle die muur van die stad kon verower. ^{2 Kon 18:26,28}
- 19 Hulle het oor die God van Yerushalayim gepraat soos oor die gode van die volke van die aarde, wat met mensehande gemaak is.
- 20 Toe het Hizkiyahu en Yesha'yahu, die profeet, die seun van Amotz, hieroor gebed en יְהוָה het die stem van hulle gebed gehoor,
- 21 יְהוָה het 'n boodskapper uit Sy Teenwoordigheid gestuur wat al die magtige dapper manne, die bevelvoerders en prinse, wat in die kamp van die koning van Ashur was, dood-geslaan het. Die koning van Ashur het dus vernederd na sy eie land teruggegaan en toe hy in die huis van sy gode kom, het sy seuns, die wat uit sy eie liggaam voortgekom het, hom daar met die swaard doodgeslaan.
- 22 So het יְהוָה vir Hizkiyahu en die inwoners van Yerushalayim bevry uit die hand van Sangeriv, koning van Ashur en uit die hand van almal wat hulle grense binnegedring het.
- 23 Baie van die seuns van Yisra'el het geskenke aan יְהוָה na Yerushalayim gebring en het geskenke aan Hizkiyahu, koning van Y'hudah gegee sodat hy opgelig is voor alle nasies.
- 24 In daardie dae het Hizkiyahu dodelik siek geword en hy het tot יְהוָה gebed en gesê: “U het kragtige wonderwerke vir my gedoen en my beloon volgens die werke van my hande.”
- 25 Hizkiyahu se siekte was as gevolg van die trots ^{Deut 17:18-20} van sy verstand, wil en emosie; daarom het die woede van יְהוָה oor hom en oor Y'hudah en Yerushalayim gekom. ^{2 Kon 20; Yes 38:1-22}
- 26 Hizkiyahu het hom egter verneder oor die hoogmoedigheid van sy verstand, wil en emosie, beide hy en die inwoners van Yerushalayim sodat die woede van יְהוָה nie oor hulle gekom het in die dae van Hizkiyahu nie.
- 27 Hizkiyahu het buitengewoon baie rykdom en eer gehad en het vir hom skatkamers gemaak vir silwer, vir goud, vir edelgesteentes, vir speserye en skilde en vir allerhande aangename voorwerpe.
- 28 Hy het ook stoorkamers vir die opbrengs van graan, wyn en olie en stalle vir allerhande soorte diere gemaak,
- 29 asook krale vir beeste en kleinvee en osse en ander diere, want יְהוָה het vir hom baie besittings gegee.
- 30 Dieselfde Hizkiyahu het ook die boonste uitloop van die fontein toegestop en dit reguit afgelei na die westelike watervoor van die stad van Dawid. Hizkiyahu was voorspoedig in al sy werke.

- 31 Hy het gesoek na die wet van יהוה, soos dit in die land gegee is en יהוה het alles geweet wat in sy verstand, wil en emosie was.
- 32 Die res van die dade van Hizkiyahu en sy goedheid en uitstekende lewenswyse, let op, dit is opgeskryf in die profesie van die profeet Yesha'yahu, die seun van Amotz en in die 'Boek van die konings van Y'hudah en Yisra'el.' ^{2 Kon 18:1-20:21; Yes 36-39:8}
- 33 Hizkiyahu is neergelê by sy vaders en hy is begrawe in die stad van Dawid; die hele Y'hudah en al die inwoners van Yerushalayim het hom eer bewys by sy dood. M'nasheh, sy seun, het in sy plek geheers.
- 33** 1 M'nasheh was twaalf jaar oud toe hy begin heers het en hy het vyf en vyftig jaar lank in Yerushalayim regeer. ^{2 Kon 21:1-18}
- 2 Hy het gedoen wat boos was in die oë van יהוה volgens die werke van die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
- 3 Hy het weer die altare gebou wat Hizkiyahu, sy vader, afgebreek het en hoë plekke opgerig vir die afgode en beelde gemaak van luiperds en hulle aanbid.
- 4 Verder het hy ook al die hemelse magte aanbid in die twee voorhowe van die huis van יהוה.
- 5 Hy het ook altare gebou vir al die magte van die hemel in die twee voorhowe van die huis van יהוה.
- 6 Hy het ook sy seun deur die vuur laat gaan in die groot vallei en hy het voorbodes, waarsêery en towery gepraktiseer en geestesopwekkers en hekserie geraadpleeg. Hy het baie booshede in die oë van יהוה gedoen om Hom tot woede te tart. ^{2 Kon 21:6}
- 7 Hy het die beeld van die afgod wat vier gesigte het, wat hy gemaak het, in die huis van יהוה opgestel waarvan יהוה aan Dawid en sy seun Shlomo gesê het: "In hierdie huis en in Yerushalayim, wat Ek uit al die stamme van Yisra'el vir Myself gekies het, sal Ek vir ewig My Naam (Karakter en Outoriteit) vestig ^{Yeg 43:8}
- 8 en Ek sal die volk Yisra'el ook nie weer van hierdie land af verwyder wat Ek aan hulle vaders gegee het nie; as hulle maar net aandag wil gee om alles te doen wat Ek hulle beveel het, volgens die hele wet en die instellings en regverdige oordele wat My dienskneg Mosheh hulle beveel het." ^{Deut 30:15-20}
- 9 M'nasheh het Y'hudah en die inwoners van Yerushalayim laat wegdwaal om bese te doen soos die nasies wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het.
- 10 יהוה het met M'nasheh en met Sy volk gepraat, maar hulle het nie geluister nie;
- 11 daarom het יהוה die bevelvoerders van die leër van die koning van Ashur teen hulle gebring, wat M'nasheh lewendig gevang en hom met kettings geboei en na Babel gevat het.
- 12 In sy benoudheid het hy tot יהוה, sy God, gebid en יהוה, God van sy vaders, baie respekvol gevrees.
- 13 Hy het tot יהוה gebid en Hy het sy stem en gebed gehoor en hom na Yerushalayim in sy koninkryk teruggebring. Toe het M'nasheh geweet dat יהוה God is.
- 14 Na hierdie dinge het hy 'n buitemuur om die stad van Dawid gebou, vanaf die westekant van die spruit van Gigon tot by die ingang na die Vispoort en het die hele Yerushalayim omring met 'n buitemuur en dit hoog gemaak en hy het bevelvoerders van die leërmag in al die versterkte stede van Y'hudah aangestel.

- 15 Hy het die vreemde gode en die afgodsbeeld uit die huis van יהוה verwyder en ook al die altare wat hy op die hoogte van die huis van יהוה en in Yerushalayim gebou het en hulle buitekant die stad gegooi.
- 16 Hy het die altaar van יהוה weer gebou en brandoffers, vredesoffers en dankoffers daarop gebring en Y'hudah beveel om יהוה, die God van Yisra'el, se feeste te hou
- 17 en nie weer te offer tot vreemde gode nie of brandoffers aan hulle te bring nie, maar tot יהוה, hulle God, alleen.
- 18 Die res van die daade van M'nasheh, sy gebed tot sy God en die woorde van die profete wat aangaande hom geprofeteer het in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, die God van Yisra'el, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Yisra'el en Y'hudah;
- 19 sy gebed ook en hoe יהוה sy gebed gehoor het, ook al sy sondes en oortredings en die plekke waar hy altare gebou en priesters aangestel het en die hoë plekke wat hy vir die afgodsbeelde gebou het, let op, hulle is opgeskryf saam met die woorde van Hoza'i.
- 20 M'nasheh is neergelê by sy vaders en hulle het hom in sy eie huis begrawe, in die tuin. Sy seun Amon het in sy plek regeer. ^{2 Kon 21:18-26}
- 21 Amon was twee en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het twee jaar lank in Yerushalayim regeer.
- 22 Hy het dit gedoen wat boos was in die oë van יהוה, soos sy vader, M'nasheh, gedoen het, want Amon het aan al die beelde en afgode wat sy vader M'nasheh gemaak het, geoffer en hulle gedien.
- 23 Hy het hom nie verneder voor יהוה, sy God, soos sy vader M'nasheh hom verneder het voor יהוה, sy God, nie, maar Amon het meer en meer sonde gedoen.
- 24 Sy diensknegte het teen hom saamgesweer en hom in sy eie huis doodgemaak,
- 25 maar die volk van die land het almal doodgeslaan wat teen koning Amon saamgesweer het en die volk van die land het sy seun, Yoshiyahu, in sy plek koning gemaak.
- 34** ¹ Yoshiyahu was agt jaar oud toe hy begin heers het en het een en dertig jaar lank in Yerushalayim regeer. ^{2 Kon 22:1-23:8}
- 2 Hy het gedoen wat reg was in die oë van יהוה en geleef volgens die manier van sy vader, Dawid en nie regs of links afgewyk nie.
- 3 In die agtste jaar van sy regering terwyl hy nog jonk was, het hy begin om tot יהוה, God van sy vader Dawid, te bid en in die twaalfde jaar het hy begin om Y'hudah en Yerushalayim te reinig en die altare, afgode, beelde en afgodstempels af te breek.
- 4 Hy het die versierings, halssnoere, klokke en al die bome wat vir afgode gemaak is, in stukkie gebreek en fyn gemaal en hulle stof gestrooi oor die grafte van hulle wat aan hul geoffer het.
- 5 Hy het die beendere van die priesters wat hulle gedien het, opgegrawe en hulle gebring en verbrand en Y'hudah en Yerushalayim gereinig.
- 6 Hy het ook so gedoen in die stede van M'nasheh, Efrayim, Shim'on en Naftali, in hulle strate reg rondom.

- 7 Toe hy die altare omgegooi en die beelde stukkend geslaan en tot stof gemaal het en regdeur die hele Yisra'el verstrooi het, het hy teruggekeer na Yerushalayim.
- 8 In die agttiende jaar van sy regering, toe hy die land van Yisra'el en sy eie huis gereinig het, het hy vir Shafan, die seun van Atzalyahu en Ma'aseiyah, die stadsklerk geroep en vir hulle gesê: "Gaan, herstel die huis van יהוה, julle God."
- 9 Toe hulle by die hoofpriester, Hilkiyahu, kom, het hulle die geld afgelewer wat in die huis van יהוה gebring is, wat die Leviëte en die poortwagters versamel het uit M'nasheh en Efrayim en uit wat oorgebly het van Yisra'el en uit die hele Y'hudah en Binyamin en die inwoners van Yerushalayim.
- 10 Hulle het dit in die hande gegee van die werkers wat toesig gehad het oor die huis van יהוה en hulle het dit gegee aan die werkers wat die werk gedoen het aan die huis van יהוה, om die huis reg te maak en te pleister.
- 11 Hulle het dit ook gegee aan die skrynwerkers, die bouers en hulle wat kosbare stene en hout gekoop het vir die herstel en pleister van die geboue wat die konings van Y'hudah vernietig het.
- 12 Die manne het die werk aan die Afgesonderde Plek getrou gedoen en oor hulle was aangestel: Yagat en 'Ovadyahu, Leviëte uit die seuns van M'rari, asook Z'kharyah en Meshullam uit die seuns van die K'hatiete wat oor die sangers, Leviëte wat met musiekinstrumente gespeel het
- 13 en almal wat die werk in enige diens gedoen het, was. Vanuit die Leviëte was daar skrywers, opsigters en poortwagters wat as toesighouers gedien het.
- 14 Toe hulle die geld uitgebring het wat in die huis van יהוה ingebring is, het die priester Hilkiyahu 'n boek van die wet van יהוה gevind wat deur Mosheh gegee is.
- 15 Hilkiyahu, die priester, sê vir Shafan, die skrywer: "Ek het die boek van die wet in die huis van יהוה gevind!" Hilkiyahu, die priester, het die boek vir Shafan gegee
- 16 en Shafan, die skrywer het aan die koning vertel wat Hilkiyahu vir hom gesê het en aan hom woord gebring en gesê: "Alles wat u aan u diensknegte opgedra het, doen hulle:
- 17 hulle het die geld spandeer aan die herstel van die huis van יהוה en verslag gedoen aan die opsigters en die uitvoerders van die werk."
- 18 Toe vertel Shafan, die skrywer, aan die koning en sê: "Hilkiyahu, die priester, het aan my 'n boek gegee." Shafan het dit voor die koning gelees.
- 19 Dit het gebeur toe die koning die woorde van die wet hoor, dat hy sy klere geskeur het.
- 20 Toe het die koning vir Hilkiyahu en Agikam, die seun van Shafan en 'Avdon, die seun van Mikhah en Shafan, die skrywer en 'Asayah, die dienskneg van die koning se huishouding, beveel en gesê:
- 21 "Gaan, bid tot יהוה vir my en vir Yisra'el en Y'hudah aangaande die woorde van die boek wat gevind is, want die toorn van יהוה is groot wat oor ons uitgestort is omdat ons vaders nie geluister het na die woord van יהוה om te doen volgens alles wat in hierdie boek vir ons geskryf is nie."

- 22 Toe gaan Hilkiyahu en die wat die koning aangestel het, na Huldah, die profetes, die vrou van Shallum, die seun van Tok'hat, die seun van Hasrat, die bewaarder van die houters; sy het in Yerushalayim gemediteer en hulle het met haar gepraat volgens die koning se opdrag.
- 23 Sy het vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: sê aan die man wat julle na my toe gestuur het,
- 24 so sê יהוה: let op, Ek bring boosheid oor hierdie plek en oor sy inwoners, al die vervloekinge wat geskryf staan in die boek wat hulle aan die koning van Y'hudah voorgelees het
- 25 omdat hulle My verlaat en ander gode aanbid het, om My te tart tot woede met al die werke van hulle hande; daarom sal My toorn oor hierdie plek uitgestort word en sal nie uitgeblus word nie.
- 26 Wat die koning van Y'hudah betref wat julle gestuur het om יהוה te raadpleeg, so moet julle vir hom sê: so sê יהוה, die God van Yisra'el aangaande die woorde wat jy gehoor het:
- 27 omdat jou verstand, wil en emosie nederig is en jy voor die Teenwoordigheid van יהוה gebewe het toe jy Sy woorde teen hierdie plek en teen sy inwoners gehoor het en jy jou voor My verneder het en jou klere geskeur en voor My Teenwoordigheid gehuil het, het Ek jou ook gehoor, sê יהוה;
- 28 daarom sal Ek jou by jou vaders neerlê en jy sal met vrede na jou graf gaan en jou oë sal nie al die boosheid sien wat Ek oor hierdie plek en oor sy inwoners sal bring nie." Hulle het die antwoord na die koning gebring.
- 29 Toe het die koning gestuur en al die oudstes van Y'hudah en Yerushalayim bymekaar laat kom.
- 30 Die koning het opgegaan in die huis van יהוה en al die manne van Y'hudah, die inwoners van Yerushalayim, die priesters, die Leviëte en die hele volk, groot en klein en hy het al die woorde van die boek van die verbond, wat in die huis van יהוה gevind is, voor hulle gelees.
- 31 Die koning het op sy plek gaan staan en 'n verbond met יהוה gesluit om יהוה te volg en Sy opdragte, Sy instellings en Sy getuïenisse met sy hele verstand, wil en emosie en met sy hele lewe te onderhou, om die woorde van die verbond wat in hierdie boek geskryf is, te doen.
- 32 Hy het almal wat in Yerushalayim en in Binyamin te vinde was, die verbond laat aanvaar. Die inwoners van Yerushalayim het gedoen volgens die verbond van יהוה, God van hulle vaders.
- 33 Yoshiyahu het al die verwerplikhede wat יהוה voor die seuns van Yisra'el vernietig het, weggevat en almal wat in Yisra'el te vinde was, יהוה, hulle God, laat dien en hulle het nie daarvan afgewyk om יהוה, die God van hulle vaders, te volg nie.
- 35** 1 Verder het Yoshiyahu 'n Pesag tot eer van יהוה in Yerushalayim gehou en hy het die fees op die veertiende van die eerste maand gehou.
- 2 Hy het die priesters hulle take laat doen en hulle aangestel oor die dienslewering van die huis van יהוה.

- 3 Hy het aan die Leviete gesê wat in die hele Yisra'el bly: “Sonder julle af vir יהוה en sit die afgesonderde ark in die huis wat Shlomo, die seun van Dawid, koning van Yisra'el, gebou het, want julle hoof dit nie meer op julle skouers te dra nie; dien nou יהוה, julle God en Sy volk Yisra'el
- 4 en berei julle voor volgens julle families, volgens julle afdelings, ooreenkomstig die voorskrif van Dawid, koning van Yisra'el en volgens die skrywes van sy seun, Shlomo
- 5 en gaan staan in die Afgesonderde Plek volgens die afdelings van die families van julle vaders en julle broers, die volk en volgens die afdelings van die families van die Leviete
- 6 en slag die Pesag en sonder julle af en berei die verstand, wil en emosie van julle broers voor sodat hulle kan doen volgens die woord van יהוה deur die hand van Mosheh.
- 7 Toe het Yoshiyahu vir die mense skape, lammers en boklammers gegee, alles as Pesagoffers, vir almal wat teenwoordig was, dertig duisend in getal en ook drie duisend beeste; dit was uit die koning se besittings.
- 8 Ook sy prinse het vrywillig aan die volk, die priesters en die Leviete gegee. Hilkiyahu, Z'kharyah en Yegi'el, leiers oor die huis van יהוה, het as Pesagoffers, twee duisend ses honderd skape en drie honderd jong bulle aan die priesters gegee.
- 9 Konanyah, Sh'ma'yah, sy neef en N'tan'el, Hashavyah, Ye'i'el en Yozavad, die leiers van die Leviete, het aan die Leviete as Pesagoffers vyf duisend skape en vyf honderd jong bulle gegee.
- 10 Die diens is voorberei en die priesters het op hul plek gaan staan en die Leviete volgens hulle afdelings.
- 11 Hulle het die Pesag geslag volgens die koning se bevel en die priesters het sommige van die bloed gesprinkel.
- 12 Die Leviete het die offers afgeslag en die brandoffers aan die afdelings van die families van die volk gegee om aan יהוה te offer, soos geskryf is in die boek van Mosheh en so het hulle elke oggend gedoen.
- 13 Hulle het die Pesag met vuur gebraai volgens die voorskrif, maar die ander afgesonderde gawes het hulle in potte en in kanne en in skottels gekook en gou onder al die mense verdeel.
- 14 Agterna, toe die Leviete klaar was, het hulle vir hulleself en vir die priesters voorberei, want die priesters, die seuns van Aharon, was besig om die brandoffer en die vetstukke te offer; toe het die Leviete vir hulleself en die priesters wat bedien het, voorberei.
- 15 Die sangers, die seuns van Asaf en van Heman, was op hulle plek volgens die bevel van Dawid en van Y'dutun, die profeet van die koning en die poortwagters het by al die poorte gebly; hulle mag nie hulle diens verlaat het nie, maar hulle broers, die Leviete, het hulle bedien.
- 16 Die hele diens van יהוה is op dieselfde dag voorberei, om die Pesag te hou en brandoffers te bring op die altaar van יהוה volgens die opdrag van koning Yoshiyahu.

- 17 Die seuns van Yisra'el wat teenwoordig was, het die Pesag gehou in daardie tyd en ook die Fees van die Ongesuurde Brode vir sewe dae lank.
- 18 Daar was nie so 'n Pesag gehou in Yisra'el van die dae van Sh'mu'el, die profeet, af nie en ook het geen koning van Yisra'el so 'n Pesag gehou soos wat Yoshiyahu, die priesters, die Leviete, die hele Y'hudah en Yisra'el wat teenwoordig was in Yerushalayim, gehou het nie.
- 19 Hierdie Pesag is in die agttiende jaar van die regering van Yoshiyahu gehou.
- 20 Ná dit alles, toe Yoshiyahu die sake van die tempel voltooi het, het Farao, die lam koning van Mitzrayim (N'kho), opgetrek om teen Kark'mish aan die Eufraat, te veg en Yoshiyahu het teen hom uitgetrek.
- 21 Hy het ambassadeurs na hom toe gestuur om te sê: “Wat het ek met jou te doen, koning van Y'hudah? Ek kom nie vandag teen jôu nie, o koning van Y'hudah, maar teen die huis wat teen my oorlog voer. God het gesê ek moet gou maak. Moenie jou teen God, wat met my is, bemoei sodat Hy jou nie vernietig nie.”
- 22 Nogtans wou Yoshiyahu nie sy gesig van hom af wegdraai nie, want hy het gegaan om teen hom te veg. Hy het nie geluister na die woorde van Farao, die Lamme, nie, want Yoshiyahu het nie geweet dat dit van יהוה is nie, hy het dus voortgegaan om teen hom te veg in die vlakte van Megiddo.
- 23 Toe het Farao, die Lamme, twee pyle na Yoshiyahu geskiet. Toe sê die koning vir sy diensknegte: “Vat my weg, want ek is swaar gewond.”
- 24 Sy diensknegte het hom uit die strydwa gehaal en hom in sy eie koninklike strydwa gesit en hom na Yerushalayim gebring. Hy het gesterf en is begrawe in die grafte van sy vaders en die hele Y'hudah en Yerushalayim het oor Yoshiyahu gerou.
- 25 Yirmeyahu het 'n klaaglied vir Yoshiyahu gedig en gesê: “Alle regverdige manne en vroue, huil in julle klaagliedere vir Yoshiyahu.” Hy het dit tot 'n instelling in Yisra'el gemaak, tot vandag toe. Let op, hierdie klaagliedere is opgeskryf in die boek van Klaagliedere.
- 26 Die res van die dade van Yoshiyahu en sy goedheid, volgens dit wat geskryf is in die wet van יהוה
- 27 en sy dade, die vroeëre en die latere, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Yisra'el en Y'hudah.
- 36** 1 Toe het die volk van die land vir Y'ho'agaz, die seun van Yoshiyahu, gevat en hom koning gemaak in die plek van sy vader in Yerushalayim. ^{2 Kon 23:31-33}
- 2 Y'ho'agaz was drie en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het drie maande lank in Yerushalayim regeer.
- 3 Die koning van Mitzrayim het hom onttroon
- 4 en sy broer, Elyakim, koning gemaak oor Y'hudah en Yerushalayim en sy naam verander na Y'hoyakim. N'kho het sy broer, Y'ho'agaz, saamgevat en hom na Mitzrayim gebring en hy het daar gesterf. ^{2 Kon 23:34-24:6}
- 5 Y'hoyakim was vyf en twintig jaar oud toe hy begin heers het en hy het elf jaar lank in Yerushalayim regeer en hy het dit gedoen wat verkeerd was in die oë van יהוה, sy God.

- 6 N'vukadnetzar, koning van Bavel, het teen hom opgetrek en hom met kettings geboei om hom na Bavel te vat.
- 7 N'vukadnetzar het ook van die voorwerpe van die huis van יהוה na Bavel gevat en dit in sy tempel in Bavel gesit.
- 8 Die res van die dade van Y'hoyakim en die verwerplikhede wat hy gedoen het, let op, dit is opgeskryf in die Boek van die konings van Yisra'el en Y'hudah en Y'hoyakhin, sy seun, het in sy plek geheers.
- 9 Y'hoyakhin was agttien jaar oud toe hy begin heers het en hy het drie maande en tien dae lank in Yerushalayim regeer en hy het dit gedoen wat verkeerd was in die oë van יהוה. ^{2 Kon 24:8-15; 25:27-30; Yir 52:31-34}
- 10 Aan die einde van die jaar het koning N'vukadnetzar 'n mag teen hom gestuur en hom na Bavel laat bring, saam met die kosbare voorwerpe van die huis van יהוה en sy vader se broer, Tzidkiyahu, koning oor Y'hudah en Yerushalayim gemaak.
- 11 Tzidkiyahu was een en twintig jaar oud toe hy koning geword het en hy het elf jaar lank in Yerushalayim regeer. ^{2 Kon 24:17-25:7; Yir 52:1-11}
- 12 Hy het dit gedoen wat boos was in die oë van יהוה, sy God en hy het hom nie verneder voor Yirmeyahu, die profeet, wat geprofeteer het uit die mond van יהוה nie. ^{Yir 21:1-; Yir 24:8-; Yir 27}
- 13 Hy het ook gerebelleer teen koning N'vukadnetzar wat hom by die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה laat sweer het, maar hy was hardnekkig en het sy verstand, wil en emosie verhard en wou nie bid tot יהוה, die God van Yisra'el, nie. ^{Yeg 17:15-20}
- 14 Verder het ook al die leiers van die priesters en van die Leviëte en van die volk baie oortree, volgens al die verwerplikhede van die nasies en die huis van יהוה wat Hy in Yerushalayim afgesonder het, onteer.
- 15 יהוה, die God van hulle vaders, het na hulle gestuur deur Sy boodskappers en goeie raad vooraf gegee, want Hy het liefdevolle omgee vir Sy volk en die trop wat Hy gekies het,
- 16 maar hulle het die boodskappers van יהוה uitgelag en hulle woorde verag en met sy profete gespot totdat die toorn van יהוה teen Sy volk opgekom het totdat daar geen salf meer aan te smeer was nie; ^{Mat 21:33-41}
- 17 daarom het Hy die koning van die Kasdeërs teen hulle laat optrek, ^{Yir 34:2; 38:3; Yeg 24} wat hulle jongmanne met die swaard in die Afgesonderde Huis gedood en geen medelye met jong man of jong meisie, ou man of babas gehad het nie. Hy het alles in sy hand gegee.
- 18 Hy het al die voorwerpe van die huis van יהוה, groot en klein en die skatte van die huis van יהוה en die skatte van die koning en van sy prinse, na Bavel gebring.
- 19 Hy het die huis van יהוה afgebrand en die mure van Yerushalayim afgebreek en al die paleise met vuur verbrand en al die kosbare voorwerpe daarvan vernietig. ^{Yir 52}
- 20 Hulle wat van die swaard ontsnap het, het hy na Bavel in ballingskap weggevoer, waar hulle vir hom en sy seuns slawe geword het totdat יהוה die koninkryk aan Persië oorgegee het, ^{Yir 50:41-46; Dan 5}
- 21 om die woord van יהוה deur die mond van Yirmeyahu te vervul totdat die land sy Shabbatte geniet het, al die dae wat dit verlate gelê het totdat die sewentig jaar voltooi is. ^{Lev 25:4}

- 22 In die eerste jaar van Koresh, koning van Persië, het יהוה die gees van Koresh, die koning van Persië, opgewek sodat die woord van יהוה deur die mond van Yirmeyahu vervul sou word en hy het 'n verklaring deur sy hele koninkryk gemaak en dit ook op skrif gesit, wat sê: ^{Yir 29:10}
- 23 “So sê Koresh, koning van Persië: יהוה, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee en Hy het beveel om vir Hom 'n huis te bou in Yerushalayim wat in Y'hudah is. Wie is daar onder julle van Sy volk met wie יהוה, sy God, tevrede is, laat hom na my toe kom en optrek!” ^{Ez 1:1-2}

Die Nuwe Verbond

ברית חדשה

Vertaal vanuit die oorspronklike Aramese Nuwe Verbond. Die taal wat Yeshua, Sy studentevolgelinge en die eerste gelowiges gepraat het.

Hierdie, die derde uitgawe van die Nuwe Verbond, het die Aramese naam van die boek op die eerste bladsy asook, saam met die bekende Afrikaanse naam, bo-aan elke bladsy om die leser te herinner daaraan dat al die Skrywers van die boeke onder leiding van die Gees geskryf het vanuit hulle Semitiese kultuur in 'n Semitiese idioom.

“Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’udah ’n nuwe verbond sal sluit, nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek Meester oor hulle was,” verklaar יהוה. Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. ^{Open 21:3} Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.”

Yir 31:31-34 - Heb 8:8-12

As sommige van die takke afgesny is en jy wat ’n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou!

Rom 11:17,18

Die eerste boek van die Nuwe Verbond

Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf
deur Mattityahu, ook genoem Levi, een van die twaalf
afgevaardigdes van Yeshua.

Mattityahu

מַתִּיתְיָהוּ

{ Die geskenk van יְהוָה }
(Matthéüs)

Dit is tussen die jare 60 – 65, voor die vernietiging van
Yerushalayim in 70, in sy huistaal, Aramees, aan die
Aramees-sprekende Jode geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Die boekrol van die geslagsregister van Yeshua, dié Gesalfde Een, Seun van Dawid, Seun van Avraham:
- 2 Avraham was die vader van Yitz'gak; Yitz'gak was die vader van Ya'akov; Ya'akov was die vader van Y'hudah en sy broers;
- 3 Y'hudah was die vader van Peretz en Zerag by Tamar; Peretz was die vader van Hetzron; Hetzron was die vader van Aram;
- 4 Aram was die vader van `Amminadav; `Amminadav was die vader van Nagshon; Nagshon was die vader van Salmon;
- 5 Salmon was die vader van Bo'az by Ragav; Bo'az was die vader van `Oved by Rut; `Oved was die vader van Yishai;
- 6 Yishai was die vader van Dawid, die koning; Dawid was die vader van Shlomo by die vrou van Uriyah;
- 7 Shlomo was die vader van Regav'am; Regav'am was die vader van Aviyah; Aviyah was die vader van Asa;
- 8 Asa was die vader van Y'hoshafat; Y'hoshafat was die vader van Y'horam; Y'horam was die vader van `Uziyahu;
- 9 `Uziyahu was die vader van Yotam; Yotam was die vader van Agaz; Agaz was die vader van Hizkiyahu;
- 10 Hizkiyahu was die vader van M'nasheh; M'nasheh was die vader van Amon; Amon was die vader van Yoshiyah;
- 11 Yoshiyah was die vader van Y'khonyahu en sy broers in die tyd van die gevangenskap na Bavel.
- 12 Na die Bavelse gevangenskap was Y'khonyahu die vader van Sh'alti'el; Sh'alti'el was die vader van Z'rubavel; ^{Ezra 3:2; 1 Kro 3:19}
- 13 Z'rubavel was die vader van Avihud; Avihud was die vader van Elyakim; Elyakim was die vader van `Azzur;
- 14 `Azzur was die vader van Tzadok; Tzadok was die vader van Yakhin; Yakhin was die vader van El'igud;
- 15 El'igud was die vader van El'azar; El'azar was die vader van Mattan; Mattan was die vader van Ya'akov;
- 16 Ya'akov was die vader van Yosef, die vader van Miryam, uit wie gebore is dié Yeshua wat dié Gesalfde Een genoem is.
- 17 Al die geslagte vanaf Avraham tot by Dawid was daarom veertien; veertien geslagte vanaf Dawid tot by die Bavelse gevangenskap en veertien geslagte vanaf die Bavelse gevangenskap tot by dié Gesalfde Een.
- 18 So het die geboorte van Yeshua, dié Gesalfde Een, gebeur: terwyl Sy moeder, Miryam, verloof was aan Yosef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind deur die toedoen van die Gees wat Afgesonderd is.
- 19 Yosef, haar man, wat 'n man was wat gedoen het wat reg is en haar nie openbaar wou maak nie, het oorweeg om in die geheim van haar te skei,
- 20 maar terwyl hy dit oorweeg het, verskyn daar 'n boodskapper van יהוה in 'n droom aan hom en sê: "Yosef, seun van Dawid, moenie bang wees om Miryam te vat as jou vrou nie, want Hy wat in haar verwek is, is van die Gees wat Afgesonderd is.

- 21 Sy sal geboorte gee aan 'n Seun en sy sal Hom Yeshua noem, want Hy sal Sy mense van hulle sondes red.”
- 22 Al hierdie dinge het gebeur sodat die woord vervul sou word wat יהוה deur die profeet gesê het:
- 23 “Let op, die maagd sal swanger word en geboorte gee aan 'n Seun en hulle sal Hom ‘Immanu’el noem.” ^{Yes 7:14} wat beteken: ons Magtige God is by ons.
- 24 Toe Yosef wakker word, het hy gedoen wat die boodskapper van יהוה hom beveel het om te doen en haar gevat as sy vrou,
- 25 maar hy het nie 'n intieme verhouding met haar gehad voordat sy nie geboorte gegee het aan haar eerste Seun nie en hy het Hom Yeshua genoem.
- 2** 1 Toe Yeshua in Beit-Legem, in die land van Y’udah gebore is, in die tyd toe Herodes koning was, het daar geleerde manne uit die Ooste in Yerushalayim aangekom
- 2 en gevra: “Waar is die Koning van die Y’udahiete, wat gebore is, want ons het Sy ster in die Ooste gesien en gekom om aan Hom eer te betoon?”
- 3 Toe koning Herodes dit hoor, was hy ontsteld en die hele Yerushalayim saam met hom.
- 4 Hy het al die leierpriesters en die leraars van die wet van die volk bymekaar laat kom en vir hulle gevra: “Waar sou dié Gesalfde Een gebore word?”
- 5 “Te Beit-Legem in Y’udah,” het hulle geantwoord, “want so is dit geskryf in die profete:
- 6 ‘En jy, Beit-Legem, in die land van Y’udah, is nie die geringste onder die konings van Y’udah nie, want uit jou sal die Koning voortkom wat vir My volk Yisra’el ’n Herder sal wees’.” ^{Mik 5:1-3}
- 7 Toe het Herodes die geleerde manne in die geheim laat roep en hulle gevra watter tyd die ster aan hulle verskyn het.
- 8 Hy het hulle na Beit-Legem gestuur met die opdrag: “Soek noukeurig na die Seun en wanneer julle Hom kry, laat my weet sodat ek ook kan gaan om aan Hom eer te betoon.”
- 9 Nadat hulle na die koning geluister het, het hulle weggegaan en die ster wat hulle in die Ooste gesien het, het voor hulle uitgegaan totdat dit oor die plek waar die Seun was, stilgestaan het.
- 10 Hulle was vol vreugde om die ster te sien.
- 11 Hulle het die huis ingegaan en die Seun by Miryam, sy moeder, gesien en neergeval en aan Hom eer betoon. Hulle het hulle skatte oopgemaak en vir Hom geskenke van goud, mirre en wierook aangebied.
- 12 Hulle is in ’n droom gewaarsku om nie na Herodes terug te gaan nie en hulle het met ’n ander pad na hulle land toe teruggegaan.
- 13 Nadat hulle weg is, verskyn daar ’n boodskapper van יהוה in ’n droom aan Yosef en sê: “Staan op, neem die kind en sy moeder en vlug na Mitzrayim en bly daar totdat ek vir jou sal sê, want Herodes gaan die kind soek om Hom te vernietig.”
- 14 Hy het opgestaan, die kind en sy moeder in die nag geneem en na Mitzrayim gevlug,

- 15 waar hy gebly het tot Herodes se dood. Dit het gebeur dat die woord vervul sou word wat הוֹרֵה deur die profete gegee het: ^{Hos 11:1} “Uit Mitzrayim het Ek My Seun geroep.”
- 16 Toe Herodes agterkom dat hy deur die geleerde manne mislei is, was hy woedend en het opdrag gegee dat al die seuns van twee jaar en jonger, in Beit-Legem en in al die omstreke daarvan, doodgemaak moet word, ooreenkomstig die tyd wat hy van die geleerde manne uitgevind het.
- 17 Op hierdie manier is die woorde wat deur die profeet Yirmeyahu ^{Yir 31:15} gesê is, vervul:
- 18 “’n Stem is in Ramah gehoor: geklaag en bitter gehuil; dit was Ragel wat oor haar seuns huil en weier om vertroos te word omdat hulle nie meer leef nie.”
- 19 Toe Herodes dood is, het daar ’n boodskapper van הוֹרֵה in ’n droom aan Yosef in Mitzrayim verskyn
- 20 en gesê: “Staan op, neem die Seun en Sy moeder en gaan na die land van Yisra’el, want hulle wat die lewe van die Seun gesoek het, is dood.”
- 21 Yosef het opgestaan, die Seun en Sy moeder gevat en na die land van Yisra’el gegaan.
- 22 Toe hy egter hoor dat Argelaus sy vader Herodes opgevolg het as koning oor Y’udah, was hy bang om daarheen te gaan. Dit het in ’n droom na hom gekom om na die streek van die Galila te gaan
- 23 en hy het gaan woon in ’n stad met die naam van Natzeret sodat vervul sou word wat deur die profeet ^{Yes 11:1} gesê is: dat Hy Natzeréner genoem sou word.
- 3** 1 Tydens daardie dae het Yoganán, die Doper, in die wildernis van Y’udah aangekom en die boodskap verkondig
- 2 en gesê: “Draai weg van julle sondes na God toe, want die Koninkryk van die hemel is naby!”
- 3 Dit is die man van wie die profeet Yesha’yahu gepraat het toe hy gesê het: “Die stem van een wat uitroep: ‘Berei die pad van הוֹרֵה in die wildernis voor en maak Sy paaie gelyk!’” ^{Yes 40:3; Mal 3:1}
- 4 Hierdie Yoganán het klere gedra van kameelhare en ’n leergordel om sy heupe en sy kos was sprinkane en heuning uit die veld.
- 5 Mense vanaf Yerushalayim, vanaf die hele Y’udah en van die hele omtrek van die Yarden, het uitgegaan na hom toe.
- 6 Met erkenning en aflegging van hulle sondes, is hulle deur hom in die Yardenrivier gedoop,
- 7 maar toe Yoganán baie van die Fariseërs en Saduseërs sien kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: “Nageslag van Adders! Wie het julle gewaarsku om te vlug van die komende straf?
- 8 Produseer daarom vrugte wat waardig is aan een wat weggedraai het van sy sondes na God toe
- 9 en moenie dink en in julleself sê: ‘Avraham is ons Vader’ nie, want ek sê vir julle dat God uit hierdie klippe seuns vir Avraham kan opwek!

- 10 Let op, die byl is ook alreeds teen die wortel van die bome neergelê, gereed om te kap; elke boom wat daarom nie goeie vrugte dra nie, word afgekap en val in die vuur!
- 11 Ek doop julle in water sodat julle van die sonde kan wegdraai na God toe, maar die Een wat ná my kom, Wie se sandale ek nie eens waardig is om uit te trek nie, is kragtiger as ek. Hy sal julle doop in die Gees wat Afgesonderd is en in vuur.
- 12 Sy hooivurk is by Hom en Hy maak Sy dorsvloer deeglik skoon en Sy graan maak Hy in Sy skure bymekaar en die kaf sal Hy verbrand in die onuitblusbare vuur!”
- 13 Toe het Yeshua vanaf die Galila na die Yarden gekom om deur Yoganán gedoop te word,
- 14 maar Yoganán het Hom geweier en gesê: “Ek het nodig om deur U gedoop te word en U het na my toe gekom?”
- 15 Yeshua het hom geantwoord en gesê: “Laat dit nou so wees, want ons moet alles doen wat die onpartydige opregtheid vereis.” Daarna het Yoganán Hom toegelaat.
- 16 Nadat Yeshua gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God afkom, soos ’n duif en op Hom kom ^{Mar 1:10; Luk 3:22}
- 17 en let op, ’n Stem uit die hemel wat sê: “Let op, dit is My Seun, Wie Ek lief het, in Wie Ek verheug is.”
- 4** 1 Toe is Yeshua, deur die Gees, na die wildernis gelei om getoets te word deur die teëstander.
- 2 Nadat Yeshua vir veertig dae en nagte gevas het, was Hy honger
- 3 en die versoeker het nadergekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, beveel dan hierdie klippe om brood te word.”
- 4 Hy antwoord egter: “Daar is geskrywe: ‘’n Mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God kom’.” ^{Deut 8:3; Amo 8:11; Yog 6:48-; Yog 7:37}
- 5 Toe bring die teëstander Hom na die afgesonderde stad en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan
- 6 en sê vir Hom: “As U die Seun van God is, spring af, want daar is geskrywe: ‘Hy sal Sy boodskappers bevel gee aangaande U. Hulle sal U op hulle hande dra sodat U nie U voete teen die klippe kan stamp nie’.” ^{Ps 91:11,12}
- 7 Yeshua antwoord hom: “Daar is egter óók geskrywe: ‘Jy mag יְהוָה, jou God, nie toets nie’.” ^{Deut 6:16}
- 8 Weereens neem die teëstander Hom op na die hoë punt van menslike ambisies en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle volle eer, lof en aanbidding
- 9 en sê vir Hom: “Al hierdie dinge sal ek aan U gee, as U sal neerval en my aanbid.”
- 10 Toe sê Yeshua vir hom: “Gaan weg, jou teëstander, want daar is geskrywe: ‘Aanbid יְהוָה, jou God en dien Hom alleen’.” ^{Deut 6:13; 10:20; Luk 4:8}
- 11 Daarna het die teëstander Hom alleen gelaat en let op, boodskappers het nadergekom en Hom bedien.
- 12 Toe Yeshua gehoor het dat Yoganán gearresteer is, het Hy na die Galila gegaan
- 13 en Hy het Natzeret verlaat en gaan bly in K’far-Nagum aan die see, naby die grens tussen Z’vulun en Naftali

- 14 sodat vervul sou word wat Yesha'yahu, die profeet, gesê het:
15 “Die land Z'vulun en die land Naftali, in die rigting van die see, oorkant die Yarden, Galila van die ander nasies,
16 die volk wat in duisternis leef, het 'n groot Lig gesien; ^{Yes 9:1-2} oor hulle wat in die omgewing van die skadu van die dood leef, vir hulle het 'n Lig opgegaan.”
17 Van daardie tyd af aan het Yeshua begin om te verklaar: “Draai weg van julle sondes af na God toe, want die Koninkryk van die hemele is naby!”
18 Terwyl Yeshua langs die see van Galila loop, sien Hy twee broers wat vissermanne was, Shim'on wat genoem is, Kefa en Andreas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi.
19 Yeshua sê vir hulle: “Kom, volg My en Ek sal julle vissers van mense maak.”
20 Hulle het dadelik hulle nette laat staan en agter Hom aangegaan.
21 Toe Hy daarvandaan verder gaan, het Hy twee ander broers gesien, Ya'akov, die seun van Zavdai en Yoganan, sy broer, in die skuit saam met hulle vader Zavdai, besig om hulle nette reg te maak en Yeshua het hulle geroep.
22 Hulle het dadelik die skuit en hulle vader verlaat en saam met Yeshua gegaan.
23 Yeshua het oor die hele Galila gegaan en in hulle byeenkomste geleer, die goeie boodskap van die Koninkryk verkondig en mense van elke siekte en kwaal genees.
24 Woord aangaande Hom is versprei oor die hele Sirië en hulle het almal wat siek was na Hom toe gebring, hulle wat siek geword het van allerhande siektes en gekwel was deur ernstige pyne, hulle wat vasgevang was in die mag van demone, mense wat van hulle koppe afgegaan het en verlamdes en Hy het hulle gesond gemaak.
25 Groot groepe mense het Hom gevolg vanaf die Galila, die Tien Dorpe, Yerushalayim, Y'hudah en van oorkant die Yarden af.

- 5** 1 Toe Hy die skare mense sien, het Yeshua met 'n heuwel opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het Sy studentevolgelinge na Hom toe gekom
2 en Hy het Sy mond oopgemaak en hulle geleer en gesê:
3 “Hoe uitermate gelukkig is dié wat arm van gees is, ^{1 Kef 3:4}
want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel.
4 Hoe uitermate gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.
5 Hoe uitermate gelukkig is die saggeaardes,
want hulle sal die land erf. ^{Ps 37:11, 34; Ps 76:10}
6 Hoe uitermate gelukkig is dié wat honger en dors na onpartydige opregtheid,
want hulle sal versadig word.
7 Hoe uitermate gelukkig is dié wat liefdevol omgee,
want vir hulle sal liefdevol omgee word.
8 Hoe uitermate gelukkig is dié wat rein van verstand, wil en emosie is,
want hulle sal God sien.
9 Hoe uitermate gelukkig is die vredemakers,
want hulle sal seuns van God genoem word.
10 Hoe uitermate gelukkig is dié wat vervolg word omdat hulle onpartydige opregtheid najaag, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel.

- 11 Hoe uitermate gelukkig is julle wanneer mense julle beledig, vervolg en allerhande bose valshede teen julle praat as gevolg van My. ^{1 Kef 4:14}
- 12 Verbly en verheug julle omdat julle beloning groot is in die hemel, want net so het hulle die profete voor julle vervolg.
- 13 Julle is sout vir die land, maar as sout laf geword het, hoe kan dit weer sout gemaak word? Dit is vir niks meer goed nie as om buite gegooi te word vir mense om op te trap.
- 14 Julle is lig vir die wêreld. 'n Dorp wat bo-op 'n berg gebou is, kan jy nie wegsteek nie.
- 15 Hulle steek nie 'n lamp op en sit dit onder 'n mandjie nie, maar op 'n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee.
- 16 Laat julle lig op dieselfde manier voor mense skyn sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring.
- 17 Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê,
- 18 want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan voordat dit alles klaar gebeur het nie.' ^{Deut 4:2; 12:32; Spr 30:6}
- 19 Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel,
- 20 want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie!
- 21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Moenie moord pleeg nie,' ^{Eks 20:13} en dat elkeen wat moord pleeg, verantwoording moet doen voor die gereg,
- 22 maar Ek sê vir julle dat elkeen wat sy broer verkeerdelik kwaad maak, veroordeeld is voor die gereg en elkeen wat vir sy broer sê: 'Ek spoeg op jou!' (Raka - minag jou lewe) is veroordeeld voor die gemeente en elkeen wat sê: 'Jy is 'n dwaas!' is veroordeeld tot die vuur van Gehenna.
- 23 As jy dan jou offer na die altaar toe bring en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou hou,
- 24 los jou offer daar by die altaar en gaan herstel die verhouding met jou broer en kom dan en offer jou offer.
- 25 Kom gou toe 'n vergelyk met iemand wat jou hof toe vat terwyl jy nog saam met hom op die pad is sodat hy jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die belastinggaarders en jy in die gevangenis gegooi word nie!
- 26 Dit is waar wat Ek vir jou sê, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy nie die laaste deel van 'n sent betaal het nie.
- 27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Moenie egbreuk pleeg nie,' ^{Eks 20:14}

- 28 maar Ek sê vir julle dat 'n man wat na 'n vrou kyk met die doel om haar te begeer, daardie oomblik, egbreuk pleeg met haar in sy gedagtes, wil en emosie.
- 29 As jou regteroog jou laat sondig, ruk dit uit en gooi dit weg! (Verwyder slegte dinge voor jou oë). Dit is vir jou beter dat jy een van jou ledemate verloor as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
- 30 As jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg! (As jy verkeerd doen - stop dit). Dit is vir jou beter dat jy een van jou ledemate verloor as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
- 31 Daar word gesê: ^{Deut 24:1} 'Elkeen wat van sy vrou skei, moet vir haar 'n skeibrief gee,'
- 32 maar Ek sê vir julle dat enige een wat van sy vrou skei, behalwe as gevolg van seksuele immoraliteit, maak dat sy egbreuk pleeg en elkeen wat 'n geskeide trou, pleeg egbreuk. ^{Mar 10:4-12; 1 Kor 7:10-11}
- 33 Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Jy moenie jou eed verbreek nie,' en, 'jy moet jou beloftes aan יהוה' hou,' ^{Deut 6:13; Mat 23:16-22}
- 34 maar Ek sê vir julle: 'Lê hoegenaamd nie 'n eed af "by die hemel" nie omdat dit die troon van God is;
- 35 ook nie "by die aarde" nie omdat dit Sy voetstoel is,' ^{Yes 66:1} ook nie "by Yerushalayim" nie omdat dit die stad van die groot Koning is' ^{Ps 48:2}
- 36 en moet ook nie by jou kop 'n eed aflê nie omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.
- 37 Laat slegs julle 'Ja' 'n eenvoudige 'Ja' wees en julle 'Nee' eenvoudig 'Nee'. Enige iets meer as dit het sy oorsprong in die Bose een.' ^{Ya'a 5:12}
- 38 Julle het gehoor dat daar gesê is: 'n Oog in ruil vir 'n oog en 'n tand in ruil vir 'n tand,' ^{Eks 21:24; Lev 24:20; Deut 19:21}
- 39 maar Ek sê vir julle dat julle nie moet opstaan teen 'n bose oortreder nie, maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai vir hom ook die linkerwang!
- 40 As iemand jou vir jou hemp wil dagvaar, laat hom die bo-kleed ook vat
- 41 en as enige een van jou een myl afdwing, loop twee myl saam met hom.
- 42 As iemand jou iets vra, gee dit vir hom en moenie weier as hy van jou wil leen nie.
- 43 Julle het gehoor dat daar vroeër gesê is: 'Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand haat,'
- 44 maar Ek sê vir julle: 'Julle moet hulle wat julle haat, liefhê; seën die wat julle vervloek; doen goed aan die wat julle haat en bid oor die wat julle met geweld vat en julle vervolg
- 45 sodat julle seuns kan word van julle Vader wat in die hemel is, want Hy laat Sy son oor bose oortreders en oor goeie mense skyn en Hy stuur reën na onskuldiges en skuldiges.
- 46 Watter beloning ontvang julle as julle net dié lief het wat vir julle lief is? Selfs die tollenaars doen dit!
- 47 As julle net vriendelik is met julle vriende, wat besonders doen julle dan? Maak die belastinggaarders nie ook so nie?
- 48 Jy moet daarom volmaak wees net soos julle Vader in die hemel volmaak is.' ^{Heb 13:21}

- 6 1 “Gee aandag daaraan om nie jul liefdadigheid voor mense te bewys om deur hulle gesien te word nie, anders is daar geen beloning vir julle by jul Vader in die hemel nie.
- 2 Wanneer jy daarom liefdadigheid bewys, moenie ’n ramshoring blaas om dit aan te kondig soos die toneelspelers van ’n vals karakter in die bymekaarkomplekke en op die strate doen sodat hulle mense se lof kan ontvang nie. Dit is waar wat Ek vir julle sê, hulle het hulle beloning reeds ontvang,
- 3 maar jy, as jy liefdadigheid gee, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie
- 4 sodat jou liefdadigheid geheim sal wees en jou Vader wat sien wat jy in die geheim doen, sal jou in die openbaar beloon.
- 5 Wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die toneelspelers van ’n vals karakter wat hou daarvan om in die bymekaarkomplekke en op die hoeke van die strate te staan en bid om deur die mense gesien te word nie. Dit is waar as Ek vir julle sê dat hulle hul beloning reeds ontvang het,
- 6 maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou private kamer, sluit jou deur en bid in die geheim tot jou Vader en jou Vader wat sien wat in die geheim gedoen word, sal jou in die openbaar beloon.
- 7 Wanneer julle bid, gebruik nie mooi klinkende herhaling van woorde soos die heidene, wat dink dat God hulle beter sal hoor as hulle baie woorde gebruik, nie.
- 8 Moet dan nie wees soos hulle nie, want julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.
- 9 Julle moet dan so bid: ‘Ons Vader wat in die hemel is, U Karakter en Outoriteit (Naam) is afgesonderd;
- 10 laat U Koninkryk kom, laat U wil gedoen word, op die aarde soos in die hemel.
- 11 Gee ons die brood wat ons vandag nodig het.
- 12 Vergewe wat ons verkeerd gedoen het, soos ons ook hulle wat teenoor ons verkeerd gedoen het, vergewe
- 13 en bring ons nie in toetsing nie, maar bevry ons van boosheid, want aan U behoort die Koningskap, die wonderwerkende krag, die eer, lof en aanbidding tot in ewigheid,’
- 14 want as julle ander hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe,
- 15 maar as julle ander se oortredinge nie vergewe nie, het julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.
- 16 Wanneer julle vas, moenie treurig lyk soos die toneelspelers van ’n vals karakter nie, want hulle misvorm hul gesigte sodat mense kan sien dat hulle vas. Dit is waar wat Ek vir julle sê, hulle het reeds hul beloning ontvang,
- 17 maar jy, wanneer jy vas, was jou gesig en salf jou kop
- 18 sodat niemand sal sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat in die geheim is en jou Vader wat sien wat in die geheim gedoen word, sal jou in die openbaar beloon.
- 19 Moenie vir julle skatte opgaan hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie,

- 20 maar stoor vir julleself skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie,
- 21 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees.
- 22 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan goed is (vrygewig), sal jou hele liggaam goed verlig wees,
- 23 maar as jou oog boos is (suinig), sal jou hele liggaam vol donkerte wees. ^{Spr 23:6,7}
As die lig in jou dan duisternis is, hoe groot is die donkerte nie!
- 24 Geen man kan vir twee meesters werk nie, want hy sal òf die een haat en van die ander een hou, òf hy sal getrou wees aan die eerste een en die ander een verwaarloos. Dit is nie moontlik om vir God én vir Mamon (Materialisme) te werk nie! ^{1 Tim 6:10}
- 25 Ek sê daarom vir julle: ‘Moenie bekommerd wees oor julleself, wat julle sal eet of drink nie, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as kos en die liggaam meer as klere nie?’
- 26 Kyk na die voëls in die lug! Hulle saai nie en hulle maai ook nie en hulle stoor nie kos in skure nie en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
- 27 Wie van julle kan deur bekommerd te wees, een el by sy lengte byvoeg?
- 28 Waarom bekommerd wees oor klere? Dink ernstig aan die lelies van die veld en hoe hulle groei, sonder om hard te werk of te spin
- 29 en tog sê Ek vir julle dat selfs nie eens Shlomo, in al sy eer en lof soos een van hulle aangetrek was nie.
- 30 As dit dan is hoe God die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ’n oond gegooi word, aantrek, ^{Ps 103:15,16} sal Hy julle dan nie soveel meer aantrek nie? Hoe min vertrou het julle nie!
- 31 Julle moet daarom nie bekommerd wees en vra: ‘Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie,’
- 32 want dit is die ander nasies van die wêreld wat konsentreer op al hierdie dinge. Julle hemelse Vader weet dat julle ook al hierdie dinge nodig het,
- 33 maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. ^{Kol 3:1}
- 34 Bekommer julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge bekommer. Elke dag het genoeg aan sy eie booshede.”
- 7** 1 “Moenie oordeel nie sodat julle nie geoordeel word nie,
2 want volgens die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet, sal dit vir julle uitgemeet word.
3 Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die plank in jou eie oog merk jy nie op nie?
4 Hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Laat my die splinter uit jou oog uithaal en let op, daar is ’n plank in jou eie oog?’
5 Toneelspeler van ’n valse karakter, haal eers die plank uit jou eie oog uit, dan sal jy kan sien om ’n splinter uit jou broeder se oog uit te haal!

- 6 Gee nie oorringe aan honde nie en gooi nie julle pêrels voor wildevarke nie. As julle dit doen dan mag hulle dit net miskien onder hulle pote vertrap en omdraai en julle deurboor.
- 7 Hou aan om te vra en dit sal vir julle gegee word; hou aan om te soek en julle sal vind; hou aan om te klop en daar sal vir julle oopgemaak word,
- 8 want elkeen wat aanhou vra ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.
- 9 Wie is daar tussen julle wat, as sy seun vir hom 'n brood vra, vir hom 'n klip sal aanbied;
- 10 of as hy vir 'n vis vra, vir hom 'n slang sal aanbied?
- 11 As julle, alhoewel julle boos is, dan weet om goeie geskenke vir julle seuns te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, aanhou om goeie dinge te gee vir die wat aanhou om Hom te vra!
- 12 Alles wat jy wil hê ander mense vir jou moet doen, doen net so vir hulle, want dit is die Wet en die Profete.
- 13 Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in,
- 14 maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!
- 15 Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe.
- 16 Julle sal hulle aan hulle vrugte uitken. Pluk 'n mens druiwe van 'n doringbos of vye van distels?
- 17 Net so dra elke goeie boom bruikbare vrugte, maar 'n waardelose boom dra verrotte vrugte.
- 18 Dit is nie moontlik vir 'n goeie boom om verrotte vrugte te dra nie en vir 'n waardelose boom om bruikbare vrugte te dra nie.
- 19 Elke boom wat nie bruikbare vrugte dra nie, word uitgekap en val in die vuur.
- 20 Julle sal hulle daarom aan hulle vrugte ken. Ya'a 3:17, Gal 5:22,23
- 21 Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.
- 22 Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?'
- 23 Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Ps 6:9
- 24 Elkeen wat daarom na hierdie boodskappe van My luister en dit doen, sal vergelyk word met 'n wyse man wat sy huis op 'n soliede rots bou
- 25 en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die soliede rots.
- 26 Elkeen wat hierdie boodskappe van My hoor en dit nie gehoorsaam nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op sand bou

27 en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het inmekaargeval en sy val was groot.”

28 Toe Yeshua die boodskappe klaar gebring het, was die skare verslae oor Sy leringe,

29 want Hy het hulle geleer soos een wat self outoriteit het en nie soos die leraars van die wet en die Fariseërs nie.

8 1 Toe Hy van die berg afkom, het ’n groot skare mense Hom gevolg

2 en let op, ’n sekere melaatse man het gekom en voor Hom neergeval en gesê: “My Meester, as U wil, is U in staat om my te reinig.”

3 Yeshua het Sy hand uitgesteek, aan hom geraak en gesê: “Ek wil, wees rein.” In daardie oomblik is sy melaatsheid gereinig.

4 Yeshua sê vir hom: “Wees versigtig wat jy aan iemand sê, maar gaan wys jouself aan die priester en offer die offer wat Mosheh beveel het, tot ’n getuienis vir hulle.”

5 Toe Yeshua K’far-Nagum binnegaan, kom daar ’n kaptein oor honderd na Hom toe en vra ernstig van Hom

6 en sê: “My Meester, my seun lê tuis verlam en word ernstig gepynig.”

7 Daarop sê Yeshua vir hom: “Ek sal gaan en hom gesond maak.”

8 Die kaptein oor honderd antwoord en sê: “My Meester, ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie, maar sê slegs ’n woord en my seun sal gesond wees,

9 want ek self is ook ’n man onder outoriteit en ek het soldate onder my en vir hierdie een sê ek: ‘Gaan!’ en hy gaan en vir ’n ander een: ‘Kom!’ en hy kom en vir my slaaf: ‘Doen dit!’ en hy doen dit.”

10 Toe Yeshua dit hoor, was Hy beïndruk en het aan die wat saam met Hom gekom het gesê: “Sowaar Ek sê vir julle, selfs in Yisra’el het Ek so ’n vertroue nie gevind nie,

11 want Ek sê vir julle dat baie vanaf die ooste en vanaf die weste sal kom en saam met Avraham, Yitz’gak en Ya’akov sal skuinslê in die Koninkryk van die hemel,

12 maar die seuns van die koninkryk sal uitgegooi word in die duisternis daar buite. Daar sal ’n gehuil wees en ’n gekners van tande.”

13 Toe sê Yeshua vir die kaptein oor ’n honderd: “Gaan, dit sal vir jou wees soos jy vertrou het” en sy seun het op daardie oomblik gesond geword.

14 Yeshua het in Kefa se huis gekom en gesien dat Kefa se skoonmoeder deur koors platgetrek is.

15 Hy het haar hand aangeraak, die koors het haar verlaat en sy het opgestaan en Hom bedien.

16 Toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom toe gebring wat van demone besete was en Hy het hulle demone met ’n woord uitgedryf en almal wat siek was, het Hy gesond gemaak.

17 So is vervul wat gesê is deur Yesha’yahu, die profeet, wat gesê het: “Hy sal ons pyne wegvat en ons siektes dra.” Mal 3:17-20; Yes 53:4,5,10; 1 Kefa 2:24; Rom 4:25; 1 Kor 15:3

18 Toe Yeshua die groot klomp mense rondom Hom sien, het Hy opdrag gegee dat hulle na die strand toe gaan.

19 ’n Sekere leraar van die wet het nadergekom en vir Hom gesê: “Leermeester, ek sal U volg waar U ook al mag gaan.”

- 20 Yeshua sê vir hom: “Vir die jakkalse is daar gate en vir die voëls in die lug skuilings, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy kop kan neerlê nie.”
- 21 ’n Ander een van Sy studentevolgelinge het vir Hom gesê: “My Meester, gee my toestemming om eers te gaan en my vader te begrawe,”
- 22 maar Yeshua sê vir hom: “Volg My en laat die dooies hulle dooies begrawe.”
- 23 Toe klim Hy in die skuit en Sy studentevolgelinge saam met Hom
- 24 en let op, daar was ’n groot aardbewing sodat die golwe op die see bo-oor die boot geslaan het, maar Hy het geslaap.
- 25 Toe kom Sy studentevolgelinge nader en maak Hom wakker en sê: “Ons Meester, red ons, ons word vernietig!”
- 26 Yeshua sê vir hulle: “Waarom is julle bang, vertroueloses?” Toe staan Hy op, bestraf die wind en die see en daar was ’n groot kalmte. ^{Yes 51:15}
- 27 Die manne was geskok en het gesê: “Wie is Hy dat die wind en die see Hom gehoorsaam?”
- 28 Toe Hy aan die oorkant kom, in die gebied van Gergesenos, het twee demonbesetenes, wat so boos was dat niemand met daardie pad kon verbygaan nie, vanuit die grafte gekom en Hom ontmoet
- 29 en hulle het uitgeroep en gesê: “Wat het ons met U te doen, Yeshua, Seun van God? Het U voor die bepaalde tyd hierheen gekom om ons te pynig?”
- 30 Daar was ’n groot trop varke wat ’n ent van hulle af gewei het.
- 31 Daardie demone het Hom gesmeek en gesê: “As U ons uitdryf, gee vir ons toestemming om in die trop varke te vaar.”
- 32 Yeshua sê vir hulle: “Gaan!” Toe gaan hulle uit en gaan in die trop varke in en toe storm die hele trop varke van die krans af in die meer in en vrek in die water.
- 33 Die wat hulle opgepas het, het ook weggehardloop en in die stad gekom en hulle het alles vertel, ook wat met die besetenes gebeur het.
- 34 Die hele stad het uitgekóm om Yeshua te ontmoet en toe hulle Hom sien, smee hulle Hom dat Hy uit hulle gebied uit moet weggaan.
- 9** 1 Hy het in die boot geklim, oorgevaar en in Sy dorp aangekom.
- 2 Hulle het ’n verlamde, wat bedlêend was, na Yeshua gebring. Toe Yeshua hulle vertrouwe sien, sê Hy aan die verlamde: “Wees bemoedig seun, jou sondes is vergewe.”
- 3 Sommige van die leraars van die wet het hierop by hulleself gesê: “Hierdie man praat kwaad teen God.”
- 4 Yeshua het geweet wat hulle dink en sê: “Waarom bedink julle bese dinge in julle gedagtes,
- 5 want wat is makliker: ‘Om te sê, jou sondes is vergewe, of om te sê, staan op en loop?’
- 6 Sodat julle egter kan weet dat die Seun van die mens outoriteit het op aarde om sondes te vergewe, sê Ek vir die verlamde man: ‘Staan op, tel jou bedmat op en gaan na jou huis toe.’”
- 7 Hy het opgestaan en huis toe gegaan.

- 8 Toe die skare dit sien, was hulle bang en het eer, lof en aanbidding aan God gebring wat so 'n outoriteit aan die mens gegee het.
- 9 Toe Yeshua daarvandaan verder gaan, sien Hy 'n man, wie se naam Mattityahu was, by die belastingstalletjie sit en Hy sê vir hom: "Kom saam met My." Hy het opgestaan en saam met Hom gegaan.
- 10 Toe hulle in die huis aan tafel skuinsgelê het, het daar baie belastinggaarders en sondaars saam met Yeshua en Sy studentevolgelinge aan tafel kom skuinslê.
- 11 Toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir die studentevolgelinge: "Waarom eet julle Meester saam met belastinggaarders en sondaars?"
- 12 Toe Yeshua dit gehoor het, sê Hy vir hulle: "Die wat gesond is, het nie die dokter nodig nie, maar die wat siek geword het,
- 13 maar gaan leer wat hierdie beteken: ^{Hos 6:6; Ps 40:7; Ps 51:18-21; 1 Sh'm 15:22; Mat 12:7} 'Ek vereis aktiewe omgee en nie offers nie,' want Ek het nie gekom om onskuldiges te roep nie, maar sondaars."
- 14 Toe kom die studentevolgelinge van Yoganen na Hom toe en sê: "Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar U studentevolgelinge vas nie?"
- 15 Yeshua sê vir hulle: "Hoe kan die bruilofsgaste vas solank as die Bruidegom by hulle is? Daar sal egter 'n dag kom wanneer die Bruidegom van hulle af weggevat word en dan sal hulle vas.
- 16 Niemand sit 'n nuwe stuk lap op ou klere sodat die aangelapte stuk nie afskeur en daar 'n groter skeur kom nie.
- 17 Net so gooi hulle ook nie nuwe wyn in ou leersakke sodat die sakke nie breek en die wyn mors en die sakke vernietig word nie. 'n Mens gooi egter nuwe wyn in nuwe sakke en albei word bewaar."
- 18 Terwyl Hy hierdie dinge vir hulle sê, kom daar 'n sekere heerser en buig voor Hom neer en sê: "My dogter is in hierdie uur dood, maar kom lê U hand op haar en sy sal lewe."
- 19 Yeshua en sy studentevolgelinge het opgestaan en hom gevolg,
- 20 en let op, 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, het van agter af gekom en die bloulyn-soomtossel van Sy kleed aangeraak, ^{Num 15:38}
- 21 want sy het in haarself gesê: "Selfs as ek net Sy klere kan aanraak, sal ek gesond word."
- 22 Yeshua het omgedraai en haar gesien en gesê: "Wees bemoedig My dogter, jou vertrouwe het jou gered" en die vrou is van daardie oomblik af genees.
- 23 Yeshua het by die huis van die heerser gekom en die weeklaers en die groep omgekrapte mense gesien.
- 24 Hy sê vir hulle: "Gaan julle weg, want die dogter is nie dood nie, maar slaap." Hulle het vir Hom gelag.
- 25 Nadat Hy die skare uitgestuur het, het Hy ingegaan, haar hand vasgevat en die dogter laat opstaan.
- 26 Die gerug hiervan het deur die hele gebied versprei.
- 27 Toe Yeshua daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg wat uitgeroep en gesê het: "Gee om vir ons, Seun van Dawid!"

- 28 Nadat Hy in die huis ingegaan het, kom die blindes na Hom toe en Yeshua sê vir hulle: “Vertrou julle dat Ek in staat is om dit te doen?” Hulle sê vir Hom: “Ja, ons Meester.”
- 29 Toe raak Hy hulle oë aan en sê: “Laat dit vir julle wees net soos julle vertrou”
- 30 en onmiddellik het hulle oë oopgegaan en Yeshua het hulle ernstig beveel en gesê: “Let op dat niemand daarvan weet nie.”
- 31 Hulle het egter weggegaan en dit in die hele gebied bekend gemaak.
- 32 Terwyl hulle weggaan, bring hulle ’n doofstom persoon, wat deur ’n demoon beheer word, na Yeshua toe
- 33 en nadat die demoon uitgegaan het, het die doofstom persoon gepraat. Die skare mense het hulle verwonder en gesê: “So iets is nog nooit in Yisra’el gesien nie,”
- 34 maar die Fariseërs het gesê: “Deur die prins van die demone dryf Hy die demone uit.”
- 35 Yeshua het rondgegaan na al die stede en dorpe en in hulle bymekaarkomplekke geleer en die goeie boodskap van die Koninkryk verkondig en elke siekte en elke pyn onder die mense genees.
- 36 Toe Hy die groot groep mense sien, het Hy liefdevol vir hulle omgee omdat hulle uitgeput was en rondgedwaal het, soos skape wat geen herder het nie. Yeg 34:2,8-10; Mar 6:34
- 37 Toe sê Hy vir sy studentevolgelinge: “Die oes is groot en die arbeiders is min.
- 38 Vra daarom van die Meester van die oes, om werkers uit te stuur na Sy oes.”

- 10** 1 Hy het Sy twaalf studentevolgelinge na Hom toe geroep en aan hulle outoriteit gegee oor vuil geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke pyn te genees.
- 2 Hierdie was die name van die twaalf afgevaardigdes: eerstens, Shim’on wat genoem word Kefa en Andréas, sy broer; Ya’akov, die seun van Zavdai en Yoganan, sy broer;
- 3 Filippus en die seun van (Bar)-Talmi; T’oma en Mattityahu, die belastinggaarder; Ya’akov, die seun van (Bar)-Halfai en Labi wat genoem word Taddai;
- 4 Shim’on die Yweraar en Y’udah van K’riot, wat Hom oorgegee het.
- 5 Yeshua het hierdie twaalf gestuur en hulle opdrag gegee en gesê: “Moenie, op pad, na die ander volke toe gaan nie en moenie in die stede van Shomron ingaan nie, 6 maar gaan spesifiek na die verlore skape van die huis van Yisra’el 7 en wanneer julle gaan, kondig aan en sê: ‘Die Koninkryk van die hemel het naby gekom.’
- 8 Genees siekes, reinig melaatses, dryf demone uit. Sonder betaling is dit ontvang, sonder betaling moet dit gegee word. Yes 55:1; 2 Kor 11:7; Open 21:6; 22:17
- 9 Moenie goud of silwer of koper in julle beurse hou nie, 10 geen sak vir die pad of twee kledingstukke of sandale of ’n wandelstok nie, want die arbeider is sy versorging waardig, 11 maar in watter stad of dorp julle ook al ingaan, onderskei wie waardig is en bly dan dáár totdat julle vertrek. 12 Wanneer julle in ’n huis ingaan, spreek vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid oor die huishouding

- 13 en as die huis dit waardig is, sal julle seëning (vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid) daarop rus, maar as dit nie waardig is nie, sal julle seëning na julle toe terugkom.
- 14 Wanneer iemand julle nie ontvang en nie na julle boodskap luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.
- 15 Dit is waar wat Ek vir julle sê: 'In die oordeelsdag sal dit vir die land van S'dom en 'Amorah meer uithoudbaar wees as vir daardie stad.'
- 16 Let op, Ek stuur julle soos skape tussen die wolwe in. ^{Luk 10:3} Wees daarom uitgeslape soos slange en onskuldig soos duive,
- 17 maar wees versigtig vir die mense, want hulle sal jul oorlewer aan die howe en in hulle bymekaarkomplekke sal hulle julle gésel.
- 18 Hulle sal julle ook voor streeksleiers en konings bring, om My ontwil, tot 'n getuienis vir hulle en vir die ander nasies,
- 19 maar wanneer hulle julle arresteer, moenie bekommerd wees oor hoe, of wat, julle sal sê nie, want wat julle moet sê sal op daardie oomblik vir julle gegee word, ^{Spr 16:1}
- 20 want dit sal nie julle wees wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle praat.
- 21 'n Broer sal sy broer tot die dood oorlewer en die vader sy seun en die seuns sal teen hulle ouers ontstaan en hulle doodmaak ^{Mik 7:2,5}
- 22 en almal sal julle haat ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam), maar wie ook al uithou tot die einde toe, hy sal gered word. ^{Open 2:26; 3:12,21}
- 23 Wanneer hulle julle vervolg in hierdie stad, vlug na 'n ander toe, want dit is waar wat Ek vir julle sê: 'Julle sal nie die stede van die huis van Yisra'el voltooi voordat die Seun van die mens sal kom nie.'
- 24 Daar is nie 'n leerling groter as sy leermeester nie en net so ook nie 'n dienskneg groter as sy meester nie. ^{Yog 13:16; Yog 15:20}
- 25 Dit is vir die studentevolging genoeg dat hy soos sy leermeester sal wees en die dienskneg soos sy meester. As hulle die meester van die huis Ba'al-Z'vuv genoem het; hoeveel te meer sy huisgenote!
- 26 Wees daarom nie bang vir hulle nie, want daar is niks bedek wat nie openbaar sal word nie en geheim wat nie bekend sal word nie. ^{Spr 3:32}
- 27 Wat Ek ook al vir julle in die donker vertel, sê dit in die lig en enige iets wat julle in julle oor hoor, verkondig dit op die dakke.
- 28 Moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak, maar die gees nie kan doodmaak nie, maar wees eerder bang vir Hom wat die gees sowel as die liggaam kan vernietig in die hel.
- 29 Word twee mossies nie vir 'n assarion verkoop nie? Nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader se wil nie,
- 30 maar julle, al die hare van julle kop, is ook almal getel.
- 31 Wees daarom nie bang nie, ^{Deut 1:17} want julle is belangriker as baie mossies.
- 32 Elkeen dan wat My sal erken voor die mense, hom sal Ek ook erken voor My Vader wat in die hemel is,
- 33 maar elkeen wat My ontken voor die mense, hom sal Ek ook ontken voor My Vader wat in die hemel is. ^{Yir 1:17}

- 34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar 'n swaard,
- 35 want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder en tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder;
- 36 'n mens se vyande sal die seuns van sy huishouding wees. ^{Mik 7:6}
- 37 Wie 'n vader of moeder meer liefhet as vir My, is My nie waardig nie en wie 'n seun of dogter meer lief het as vir My, is My nie waardig nie
- 38 en elkeen wat nie sy kruis optel en My volg nie, is My nie waardig nie.
- 39 Wie ook al sy lewe self verloor om My ontwil, sal dit vind. Wie ook al sy lewe self vind, sal dit verloor.
- 40 Wie ook al vir julle ontvang, ontvang My en wie ook al vir My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.
- 41 Wie ook al 'n profeet ontvang in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die Profeet, sal 'n beloning van die Profeet ontvang en wie 'n onskuldige ontvang in die Karakter en Outoriteit van die Onskuldige, sal 'n beloning van die Onskuldige Een ontvang
- 42 en elkeen wat vir een van hierdie kleintjies net 'n koppie koue water gee om te drink, volgens die karakter en outoriteit van 'n studentevolgelinge, dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal nie sy beloning verloor nie."

- 11** 1 Dit was nadat Yeshua Sy bevele aan Sy twaalf studentevolgelinge voltooi het dat Hy daarvandaan weggegaan het om in hulle stede te leer en te verkondig.
- 2 Toe Yoganen in die gevangenis gehoor het van die dae van dié Gesalfde Een, het hy deur middel van sy studentevolgelinge gestuur
- 3 en vir Hom gevra: "Is U Hy wat kom, of moet ons 'n ander verwag?"
- 4 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Gaan vertel aan Yoganen daardie dinge wat julle hoor en sien:
- 5 die blindes sien, die kreupeles loop, die dowe word rein, die dowes hoor, ^{Yes 35:5,6}
die dooies staan op, ^{Yes 29:18; 35:5} die armes hoor die goeie boodskap ^{Yes 61:1}
- 6 en geseënd is elkeen wat nie deur My sal struikel nie." ^{Yes 8:14; 1 Kefa 2:7,8}
- 7 Toe hulle weg is, begin Yeshua vir die skare aangaande Yoganen te sê: "Wat het julle uitgegaan om in die wildernis te sien? 'n Riet wat deur die wind geskud word?
- 8 Indien nie, wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man wat 'n lang sagte kleed dra? Let op, die wat sagte klere dra, is tussen konings.
- 9 Wat anders het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, meer as 'n profeet.
- 10 Dit is hy van wie daar geskrywe is: 'Let op, Ek stuur My boodskapper voor U Teenwoordigheid uit, om U pad voor U uit voor te berei.' ^{Yes 40:3; Mal 3:1}
- 11 Ek sê vir julle die waarheid: 'Onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Yoganen, die Doper, nie, maar die kleinste in die Koninkryk van die hemel, is groter as hy.'
- 12 Vanaf die dae van Yoganen die Doper af tot nou toe word die Koninkryk van die hemel kragtig gelei en die wat sterk is gryp dit aan,
- 13 want al die profete en die wet het tot by Yoganen geprofeteer ^{Dan 9:24; Luk 16:16}
- 14 en as julle bereid is om dit te aanvaar: hy is Eliyahu wat sou kom. ^{Mal 3:23,24; Luk 1:17}

- 15 Wie ook al 'n oor het wat wil hoor, laat hom hoor,
16 maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos seuns wat in die strate sit en na hulle maats roep
17 en sê: 'Ons het vir julle gesing en julle het nie gedans nie; ons het vir julle gehuil en julle het nie getreur nie,'
18 Yoganan het gekom en niks geëet of gedrink nie en hulle sê: 'Hy het 'n demoon in hom.'
19 Die Seun van die mens het gekom al etende en drinkende en hulle sê: 'Let op, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van belastinggaarders en sondaars.' Wysheid word geregverdig deur die daade wat dit voortbring."
20 Toe begin Yeshua die stede waarin die meeste van Sy kragtige daade plaasgevind het, aanspreek omdat hulle nie erken en omgedraai het van hulle sonde na God toe nie
21 en Hy sê: "Wee jou, Kórasin; wee jou, Beit-Tzaidah, want as in Tzor en Tzidon die kragtige daade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as erken en omgedraai het van hulle sonde na God toe,
22 maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tzor en Tzidon meer uithoudbaar wees in die oordeelsdag as vir julle
23 en jy, K'far-Nagum, wat tot die hemel toe opgelig is, jy sal tot Sh'ol toe neergedruk word, want as in S'dom die kragtige daade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly bestaan het tot vandag toe,
24 maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van S'dom kalm en rustig sal wees in die oordeelsdag in vergelyking met jou."
25 By daardie geleentheid het Yeshua geantwoord en gesê: "Ek dank U, My Vader, Meester van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge weggesteek het vir die wyse en intelligente en dit aan eenvoudiges openbaar het.
26 Ja, My Vader, want so was dit U begeerte om te doen.
27 Alles is aan My oorgegee deur My Vader en niemand ken die Seun ten volle nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader ten volle nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.
28 Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee.
29 Neem My juk op julle en leer van My, ^{Kla 3:27, 28} want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees, ^{Yir 6:16; Mik 6:8}
30 want My juk is aangenaam en My las is lig." ^{Yes 46:1}

- 12** 1 In daardie tyd het Yeshua op die Shabbat deur die graanland geloop en Sy studentevolgelinge was honger en het are begin pluk en geëet,
2 maar toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Hom: "Let op, U studentevolgelinge doen wat nie toegelaat is om op die Shabbat te doen nie."
3 Hy sê egter vir hulle: "Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy honger was nie; hy en die wat saam met hom was;

- 4 hoe hy in die huis van God ingegaan het en die brode van die tafel van לחם geëet het, wat nie vir hom, of die wat saam met hom was, toegelaat was om te eet nie, maar slegs vir die priesters?
- 5 Of het julle nie in die wet gelees dat, op die Shabbat, die priesters in die tempel nie die Shabbat afsonder nie en tog onskuldig is, nie? ^{Num 28:9,10}
- 6 Ek sê egter vir julle: ‘Een groter as die tempel, is hier,’ ^{Z’kh 6:12-13}
- 7 maar as julle verstaan het wat dit beteken: ‘Ek wil liefdevolle omgee hê en nie offerandes nie,’ ^{Hos 6:6; Ps 40:7; Ps 51:18-21} sou julle nie die onskuldiges veroordeel het nie, 8 want die Seun van die mens is Meester van die Shabbat.”
- 9 Yeshua het daarvandaan weggegaan na hulle bymekaarkomplek toe.
- 10 Daar was ’n persoon met ’n verdroogde hand en hulle het Hom gevra sodat hulle Hom kon aankla en gesê: “Is dit toelaatbaar om op die Shabbat gesond te maak?”
- 11 Hy sê vir hulle: “Wie is daar onder julle wat een skaap het en as dit op die Shabbat in ’n gat val, dit nie sal gryp en dit uithaal nie?
- 12 Hoeveel meer werd is ’n mens dan nie as ’n skaap nie; daarom is dit toelaatbaar om op die Shabbat goed te doen.” ^{Lev 23:3}
- 13 Toe sê Hy vir daardie man: “Steek jou hand uit!” Hy het dit uitgesteek en dit is genees, net soos die ander een.
- 14 Die Fariseërs het uitgegaan en vergader teen Hom, om Hom te vernietig,
- 15 maar Yeshua het dit geweet en Hy het daarvandaan onttrek en ’n groot klomp mense het saam met Hom gegaan en Hy het hulle almal gesond gemaak
- 16 en hulle gewaarsku om Hom nie bekend te maak nie
- 17 sodat dit wat Yesha’yahu die profeet gesê het, vervul sou word toe hy gesê het:
- 18 “Let op, My Dienskneg in Wie Ek vreugde vind, die Een wat Ek lief het, waarna My Gees verlang het! Ek sal My Gees op Hom sit en Hy sal oordeel aan die nasies verkondig.
- 19 Hy sal nie stry of uitroep nie en niemand sal Sy stem op die strate hoor nie.
- 20 ’n Gekneusde riet sal Hy nie afbreek nie en ’n flikkerende lamp sal Hy nie uitblus nie; Hy sal getrou regverdige oordeel bring en
- 21 in Sy Karakter en Outoriteit (Naam) sal die nasies versekerde verwagting hê.” ^{Yes 42:1-}
- 22 Toe het hulle ’n demoonbesetene wat blind en stom was, na Hom toe gebring en Hy het hom gesond gemaak sodat die blinde en stomme kon sien en praat
- 23 en al die mense was verwonderd en het gesê: “Is Hy nie die Seun van Dawid nie?”
- 24 Toe die Fariseërs dit egter hoor, sê hulle: “Díe Een dryf nie demone uit nie, behalwe deur Ba’al-Z’vuv, die prins van die demone.”
- 25 Yeshua het egter hulle denke geken en vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word vernietig en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie
- 26 en as die teëstander die teëstander uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld en hoe kan sy koninkryk dan bly staan?
- 27 As Ek deur Ba’al-Z’vuv die demone uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Hieroor sal hulle julle registers wees

- 28 en as Ek deur die Gees van God die demone uitdryf, dan het die Koninkryk van God naby julle gekom.
- 29 Of hoe kan iemand in die huis van 'n magtige man ingaan en sy goed plunder, as hy nie eers die magtige man vasgebind het nie? Dán kan hy sy huis plunder.
- 30 Wie ook al nie saam met My is nie, is teen My en hy wat nie saam met My bymekaarmaak nie, jaag uitmekaar.
- 31 As gevolg hiervan sê Ek vir julle: 'Elke sonde en kwaadpraat sal die mense vergewe word, maar die kwaadpraat teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie ^{Mar 3:28-30}
- 32 en elkeen wat 'n woord praat teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word, maar elkeen wat praat teen die Gees wat Afgesonderd is, dit sal hom nie vergewe word nie; nie in hierdie wêreld nie en ook nie in die wêreld wat voorberei word nie.'
- 33 Produseer òf soos 'n goeie boom met goeie vrugte, òf soos 'n slegte boom met slegte vrugte, want die boom word aan sy vrugte geken.
- 34 Kinders van adders, hoe is dit moontlik dat julle voordelige dinge kan praat terwyl julle waardeloos is? Want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die mond.
- 35 Die bruikbare mens bring uit die goeie skat bruikbare dinge te voorskyn en die bose mens bring uit die bose skat bose dinge te voorskyn,
- 36 want Ek sê vir julle dat van elke waardelose woord wat mense praat, sal hulle 'n antwoord moet gee in die oordeelsdag,
- 37 want deur jou woorde sal jy onskuldig beskou word en deur jou woorde sal jy skuldig bevind word."
- 38 Toe antwoord sommige van die leraars van die wet en Fariseërs en sê vir Hom: "Leermeester, ons wil 'n teken van U sien."
- 39 Hy antwoord hulle egter en sê: "'n Slegte en hoererende geslag soek na 'n teken en geen teken sal aan dié gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah,
- 40 want net soos Yonah drie nagte en drie dae in die maag van die vis was, ^{Yon 2:1} net só sal die Seun van die mens drie nagte en drie dae ^{Luk 11:30} in die middel van die aarde wees.
- 41 Die manne van Ninveh sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want hulle het erken en weggedraai van sonde na God toe met die verkondiging van Yonah en meer as Yonah is hier!
- 42 Die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Shlomo te hoor en meer as Shlomo is hier!
- 43 Wanneer 'n vuil gees uit die mens uitgegaan het, dwaal hy rond in plekke waar nie water is nie en begeer rus en vind dit nie.
- 44 Dan sê hy: 'Ek sal teruggaan na my huis vanwaar ek uitgegaan het' en hy gaan en vind dit leeg, uitgevee en versier.
- 45 Dan gaan hy en bring sewe ander geeste, slegter as hyself, saam met hom en hulle gaan in en woon daar en die einde van daardie mens word erger as die begin. Só sal dit ook met hierdie bose geslag gedoen word."
- 46 Terwyl Hy nog met die mense praat, staan Sy moeder en broers buite en wou graag met Hom praat

47 en iemand sê vir Hom: “Let op, U moeder en U broers is buite en wil graag met U praat,”

48 maar Hy antwoord en sê vir die een wat dit vir Hom gesê het: “Wie is My moeder en wie is My broers?”

49 Hy steek sy hand na Sy studentevolgelinge uit en sê: “Let op, My moeder en My broers,

50 want elkeen wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is, dié is My broer en suster en moeder.” ^{1 Yog 2:3-6}

13 ¹ Daardie selfde dag het Yeshua uit die huis uitgegaan en langs die see gaan sit en ’n groot groep mense het by Hom bymekaargekom sodat Hy in ’n boot geklim en gaan sit het en die hele skare mense het op die strand gestaan.

3 Hy het baie dinge deur vergelykende stories aan hulle vertel en gesê: “Let op, ’n saaier het uitgegaan om te saai

4 en terwyl hy saai, val sommige langs die pad en ’n voël het gekom en dit opgeëet.

5 Ander het op die rots geval waar daar nie baie grond was nie en dit het dadelik opgekom omdat daar nie diep grond was nie.

6 Toe die son opkom en dit warm word, het die saad verdroog omdat dit nie wortels gehad het nie.

7 Ander het tussen die dorings geval en die dorings het opgekom en dit verstik.

8 Ander het in die goeie grond geval en vrugte gegee: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.

9 Wie ook al ’n oor het wat hoor: laat hom luister!”

10 Die studentevolgelinge het gekom en vir Hom gesê: “Waarom praat U met hulle deur vergelykende stories?”

11 Hy antwoord en sê vir hulle: “Aan julle is gegee om die geheime van die Koninkryk van die hemel te ken, maar dit is nie aan hulle gegee nie, ^{Spr 3:32}

12 want aan die een wat het, sal gegee word en dit sal vermeerder

13 en van die een wat nie het nie, sal ook dit wat hy het, weggevat word; daarom praat Ek met hulle deur vergelykende stories omdat hulle wat sien, nie sien nie en hulle wat hoor, nie hoor of verstaan nie;

14 in hulle is die profesie van Yesha’yahu vervul wat sê: ^{Deut 29:3,4; Yes 6:9; 29:10; Yeg 12:2}
‘luisterende sal julle hoor en nie verstaan nie en siende ^{Yog 12:40; Rom 11:8} sal julle sien en nie ken nie,

15 want die verstand, wil en emosie van hierdie volk het dig geword en met hulle ore het hulle skaars gehoor en hulle het hul oë toegemaak sodat hulle nie met die oë sou sien en met die ore hoor en met die verstand, wil en emosie verstaan en hulle sonde erken en wegdraai na God toe en Ek hulle genees nie,’ ^{Yes 6:9-10}

16 maar julle oë is geseën omdat hulle sien en julle ore omdat hulle hoor.

17 Dit is waar, Ek sê vir julle, baie profete en onskuldiges het begeer om te sien wat julle sien en het dit nie gesien nie en om te hoor wat julle hoor en het dit nie gehoor nie,

18 maar luister julle na die vergelykende storie van die saad.

- 19 Elkeen wat die boodskap van die Koninkryk hoor en nie verstaan nie, in hom kom die bose een en gryp weg wat in sy verstand, wil en emosie gesaai is; dit is wat langs die pad gesaai is.
- 20 Dit wat op die rots gesaai is: dit is hy wat die boodskap hoor en dit in 'n kort rukkie met blydskap aanvaar,
- 21 maar hy het geen wortel in homself nie en is net vir 'n tyd en as daar moeilikheid en vervolging kom ter wille van die boodskap, neem hy aanstoot en struikel.
- 22 Dit wat tussen die dorings gesaai is: dit is hy wat die boodskap hoor, maar die dinge van hierdie wêreld en die misleiding van rykdom versmoor die boodskap en hy is sonder vrugte.
- 23 Die wat op die goeie grond gesaai is: dit is hy wat My boodskap hoor en verstaan en vrugte dra: sommige 'n honderd-, sommige sestig-, sommige dertigvoudig."
- 24 'n Ander vergelykende storie het Hy aan hulle vertel en gesê: "Die Koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het,
- 25 maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en darrél (vals koring) tussen die koring gesaai en weggegaan.
- 26 Toe die blare opgroei en die spruitjies vrugte vorm, toe verskyn die darrél ook.
- 27 Die diensknegte van die meester van die huis het na hom toe gekom en vir hom gesê: 'Ons meester, let op, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kom die darrél dan vandaan?'
- 28 Hy antwoord hulle: 'n Vyandige persoon het dit gedoen.' Die diensknegte sê vir hom: 'Wil u hê dat ons moet gaan en dit uitsoek?'
- 29 Hy antwoord hulle: 'Is dit nie dat as julle die darrél bymekaarmaak, julle ook saam met hulle die graan sal ontwortel nie?'
- 30 Laat altwee saam groei tot die oestyd toe en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die darrél bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar maak die graan bymekaar in my skuur.'"
- 31 'n Ander vergelykende storie het Hy vir hulle vertel en gesê: "Die Koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaad wat 'n man vat en in sy land saai.
- 32 Hierdie is die kleinste van alle sade, maar as dit gegroei het, is dit die grootste van alle kruie en word dit 'n boom sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke."
- 33 'n Ander vergelykende storie het Hy hulle vertel: "Die Koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit alles ingesuur is."
- 34 Al hierdie dinge het Yeshua deur vergelykende stories vir die skare gesê en sonder vergelykende stories het Hy vir hulle niks gesê nie
- 35 sodat dit wat deur die profeet gesê is, vervul sou word wat sê: "Ek sal My mond oopmaak deur vergelykende stories en Ek sal dinge sê wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af." Ps 78:2
- 36 Toe het Yeshua die skare gelos en huis toe gegaan en Sy studentevolginge het na Hom toe gekom en vir Hom gesê: "Verduidelik vir ons die vergelykende storie van die darrél en die land."

- 37 Hy het geantwoord en vir hulle gesê: “Hy wat die goeie saad gesaai het, is die Seun van die mens
- 38 en die land is die wêreld. Die goeie saad is die seuns van die Koninkryk, maar die vals saad is die seuns van die bese een.
- 39 Meer nog, die vyand wat hulle gesaai het, is die teëstander. Die oestyd is die einde van die wêreld en die maaiers is die boodskappers.
- 40 Net soos die darrél bymekaargemaak en in die vuur verbrand word, sal dit wees aan die einde van hierdie wêreld:
- 41 die Seun van die mens sal Sy boodskappers uitstuur en hulle sal uit Sy Koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat wetteloosheid beoefen
- 42 en hulle in ’n hooggoond van vuur gooi. Daar sal gehuil wees en gekners van tande.
- 43 Dan sal die onskuldiges skyn soos die son in die Koninkryk van hulle Vader. Wie ook al ’n oor het wat wil hoor, laat hom luister.
- 44 Weer: die Koninkryk van die hemel is soos ’n skat wat weggesteek is in ’n stuk grond, wat ’n man kry en geheim hou en uit blydschap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie grond.
- 45 Weer: die Koninkryk van die hemel is soos ’n handelaar wat mooi pêrels soek
- 46 en toe hy ’n sekere pêrel vind wat voor die hand liggend baie kosbaar is, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het en koop dit.
- 47 Weer: die Koninkryk van die hemel is soos ’n net wat in die see gegooi word en van alle soorte bymekaarmaak
- 48 en toe dit vol was, het hulle dit op die strand uitgebring en gaan sit en dit uitgesoek. Die goeies het hulle in houe gesit en die slegtes uitgegooi.
- 49 So sal dit wees aan die einde van die wêreld: die boodskappers sal uitgaan en die slegte mense van die onskuldiges afskei
- 50 en hulle in ’n hooggoond van vuur gooi. Daar sal gehuil wees en gekners van tande.”
- 51 Yeshua sê vir hulle: “Het julle ál hierdie dinge verstaan?” Hulle antwoord Hom: “Ja, ons Meester!”
- 52 Hy sê vir hulle: “As gevolg hiervan is elke leraar van die wet, wat opgelei word vir die Koninkryk van die hemel, soos die meester van ’n huis wat uit sy skat nuwe en ou dinge bring.”
- 53 Dit was nadat Yeshua klaar was met hierdie vergelykende stories dat Hy daarvandaan weggegaan het
- 54 en Hy het in Sy stad gekom en hulle in hulle bymekaarkomplekke geleer sodat hulle verslae was en gesê het: “Van waar kry Hy hierdie wysheid en wonderwerke?
- 55 Is hierdie nie die seun van die skrywerker nie? Is die naam van sy moeder nie Miryam en dié van sy broers Ya’akov, Yosef, Shim’on en Y’udah nie?
- 56 Al Sy susters, let op, is hulle nie almal by ons nie? Van waar kry Hy dan al hierdie dinge?”
- 57 Hulle het aanstoot geneem, maar Yeshua sê vir hulle: “Daar is nie ’n profeet wat verag word nie, behalwe in sy tuisdorp en in sy huis.”
- 58 Hy het, vanweë hulle gebrek aan vertrouwe, nie baie wonderwerke daar gedoen nie.
- 1278

- 14** 1 In daardie tyd het Herodes, die heerser oor 'n kwart van die land, van Yeshua se bekendheid gehoor,
2 en aan sy onderdane gesê: “Hierdie is Yoganan, die Doper. Hy het uit die dood uit opgestaan en daarom doen hy dié wonderwerke,”
3 want Herodes het Yoganan gevang, hom vasgebind en in die tronk gesit as gevolg van Herodias, die vrou van Filippus, sy broer,
4 want Yoganan het vir hom gesê: “Dit is nie reg volgens die wet dat sy jou vrou is nie.”
5 Hy wou hom doodmaak, maar hy het die mense gevrees omdat hulle hom as 'n profeet beskou het.
6 Tydens Herodes se verjaarsdag by die huis het die dogter van Herodias tussen die gaste gedans en Herodes plesier.
7 As gevolg hiervan het hy met 'n eed beloof om vir haar enige iets te gee wat sy sou vra.
8 Omdat sy deur haar moeder beveel is, het sy gesê: “Gee my hier, op 'n bord, die kop van Yoganan, die Doper.”
9 Dit het die koning hartseer gemaak, maar ter wille van die eed en die gaste het hy bevel gegee dat dit vir haar gegee moes word
10 en hy het gestuur om Yoganan in die gevangenis te onthoof.
11 Sy kop is op 'n bord gebring en aan die meisie gegee en sy het dit vir haar moeder gebring.
12 Sy studentevolgelinge het gekom, sy lyk weggevat, dit begrawe en gegaan en dit aan Yeshua vertel.
13 Toe Yeshua dit hoor, het Hy daarvandaan in 'n skuit vertrek na 'n verlate plek om alleen te wees. Toe die skare dit hoor, het hulle Hom oor land gevolg vanuit die stede.
14 Yeshua het afgekom, die groot skare gesien en het sagte omgee vir hulle ervaar en Hy het hulle siekes gesond gemaak,
15 maar toe dit aand geword het, kom Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir Hom: “Die plek is 'n wildernis en dit is al laat; stuur die skare weg sodat hulle na die dorpies kan gaan en vir hulle kos kan koop.”
16 Hy sê egter vir hulle: “Dit is nie nodig vir hulle om weg te gaan nie; gee julle vir hulle iets om te eet.”
17 Hulle sê egter vir Hom: “Ons het niks hier nie behalwe vyf brode en twee visse.”
18 Yeshua sê vir hulle: “Bring hulle hier vir My.”
19 Hy het die skare beveel om op die grond te gaan sit en Hy neem daardie vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel, seën dit, breek dit en gee dit aan die studentevolgelinge en die studentevolgelinge sit dit voor aan die skare.
20 Almal het geëet en was versadig en hulle het die oortollige stukke opgetel: twaalf mandjies vol. 2 Kon 4:43,44; Mat 15:32-39; Mar 8:1-8
21 Dié wat geëet het, was omtrent vyf duisend mans, buiten die vroue en kinders.
22 Dadelik het Yeshua Sy studentevolgelinge in die boot laat klim om voor Hom uit te gaan na die oorkant terwyl Hy die skare wegstuur.

- 23 Nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy alleen op met die berg om te bid en toe dit donker geword het, was Hy alleen daar.
- 24 Die boot was alreeds 'n afstand van die land af terwyl dit hewig rondgeslinger is deur die golwe, want die wind was teen hulle,
- 25 maar in die vierde nagwaak het Yeshua na hulle toe aangekom terwyl Hy op die water geloop het.
- 26 Sy studentevolgelinge het gesien dat Hy op die water loop en hulle was ontsteld en sê: "Dit is 'n visioen." Hulle het uitgeroep van vrees,
- 27 maar Yeshua het dadelik met hulle gepraat en gesê: "Wees bemoedig, Ek is onveranderlik dieselfde! Moenie bang wees nie."
- 28 Kefa antwoord en sê vir Hom: "My Meester, as dit U is, beveel my om op die water na U toe te kom."
- 29 Yeshua sê vir hom: "Kom!" Kefa klim van die skuit af en loop op die water na Yeshua toe
- 30 en toe hy sien dat die wind sterk was, het hy bang geword en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: "My Meester, red my!"
- 31 Ons Meester het in 'n oogwink Sy hand uitgesteek en hom vasgehou en vir hom gesê: "O, klein van vertroue, waarom het jy getwyfel?"
- 32 Toe hulle in die skuit klim, het die wind gaan lê.
- 33 Die wat in die skuit was, kom en val voor Hom neer en sê: "Waarlik, U is die Seun van God!"
- 34 Hulle het oorgevaar en in die streek van Galila gekom
- 35 en die manne van daardie plek het Hom herken, na al die dorpie rondom hulle uitgestuur en almal wat baie siek was, na Hom toe gebring
- 36 en hulle het Hom versoek om maar net die bloulyn-soomtossels van Sy kleed te mag aanraak en almal wat dit aangeraak het, is genees.

15 1 Toe kom daar Fariseërs en leraars van die wet vanaf Yerushalayim, na Yeshua toe en sê:

- 2 "Waarom oortree U studentevolgelinge die tradisionele wet van die oudstes en was nie hulle hande wanneer hulle brood eet nie?"
- 3 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?"
- 4 Want God het opdrag gegee en gesê: 'Eer jou vader en jou moeder' ^{Eks 20:12} en hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf,' ^{Eks 21:17}
- 5 maar julle sê: 'Elkeen wat aan vader of moeder sê: 'dit wat u van my as voordeel kon kry, het ek as 'n offer gegee,' eer so nie sy vader of moeder nie.
- 6 Julle kanselleer die wette van God deur julle tradisionele wette.
- 7 Aannemers van die persoon, Yesha'yahu het reg oor julle geprofeteer toe hy gesê het:
- 8 'Hierdie mense eer My met hulle lippe, maar hulle verstand, wil en emosie is baie ver van My af.' ^{Yir 12:2; Mat 7:21}
- 9 Hulle aanbidding tot My is doelloos terwyl hulle leringe leer van die wette van mense'." ^{Yes 29:13}

- 10 Hy het die skare na Hom toe geroep en vir hulle gesê: “Luister en verstaan!
- 11 Dit is nie wat in die mond ingaan, wat die mens onrein maak nie, maar dit wat uit die mond uitgaan, maak die mens onrein.”
- 12 Toe kom Sy studentevolgelinge nader en sê vir Hom: “Weet U dat die Fariseërs, wat hierdie gehoor het, aanstoot geneem het?”
- 13 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Elke plant wat My Vader wat in die hemel is nie geplant het nie, sal vernietig word.
- 14 Laat hulle staan; hulle is blinde gidse van die blindes, maar as ’n blinde ’n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.”
- 15 Shim’on Kefa antwoord en sê vir Hom: “My Meester, verduidelik vir ons hierdie vergelykende storie.”
- 16 Hy sê vir hulle: “Verstaan julle tot nou toe steeds nie?
- 17 Verstaan julle nog nie dat alles wat in die mond ingaan, deur die maag gaan en in die privaatheid uitgewerp word nie?
- 18 Alle dinge wat egter uit die mond uitgaan, kom uit die verstand, wil en emosie en dit maak die mens onrein,
- 19 want uit die verstand, wil en emosie kom daar bose gedagtes, moord, egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, valse getuienis en laster.
- 20 Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak nie die mens onrein nie.”
- 21 Yeshua het daarvandaan weggegaan en by die gebiede van Tzor en Tzidon gekom.
- 22 Let op, ’n Kena’anitiese vrou wat van daardie area gekom het, het na Hom geroep en gesê: “Wees my goedgunstig, my Meester, Seun van Dawid! My dogter word erg deur ’n demon gedryf,”
- 23 maar Hy het haar nie ’n woord geantwoord nie. Toe kom Sy studentevolgelinge nader en vra Hom en sê: “Stuur haar weg, want sy skree agter ons aan.”
- 24 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Ek is nie gestuur nie, behalwe na die afgedwaalde skape van die huis van Yisra’el,”
- 25 maar sy kom en val voor Hom neer en sê: “My Meester, help my!”
- 26 Hy sê vir haar: “Dit is nie goed om die brood van die seuns weg te vat en dit vir die honde te gooi nie,”
- 27 maar sy sê: “Ja, my Meester, selfs die honde eet van die krummels wat van hulle base se tafel afval en hulle leef.”
- 28 Toe sê Yeshua vir haar: “O vrou, groot is jou vertroue; dit sal vir jou gedoen word soos jy wil” en haar dogter is genees van daardie oomblik af.
- 29 Yeshua het daarvandaan weggegaan en langs die see van Galila gekom en Hy het die berg opgeklim en daar gaan sit
- 30 en daar kom ’n groot skare na Hom toe met kreupeles, blindes, dowes, stommes, gebreklikes en baie ander saam met hulle en hulle het dié by die voete van Yeshua neergesit en Hy het hulle gesond gemaak
- 31 sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien en hulle het die God van Yisra’el verhewe verklaar.

- 32 Toe het Yeshua sy studentevolgelinge na Hom toe geroep en vir hulle gesê: 'Ek voel jammer vir hierdie menigte. Let op, hulle bly al drie dae by My en daar is niks vir hulle om te eet nie en Ek is nie gewillig om hulle weg te stuur terwyl hulle vas sodat hulle nie miskien op die pad flou word nie.
- 33 Sy studentevolgelinge sê vir Hom: "Waar sal ons in dié wildernis genoeg brode vandaan kry om so 'n groot skare te versadig?"
- 34 Yeshua sê vir hulle: "Hoeveel brode het julle?" Hulle antwoord: "Sewe en 'n paar klein vissies."
- 35 Hy het die skare beveel om op die grond te gaan sit.
- 36 Hy vat die sewe brode en die visse, gee lof, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en die studentevolgelinge gee dit aan die skare
- 37 en hulle het almal geëet en was versadig. Hulle het die oortollige stukke opgetel en sewe mandjies vol gemaak 2 Kon 4:43,44; Mat 14:14-21; Mar 8:1-8
- 38 en die wat geëet het, was vier duisend mans, sonder die vroue en kinders.
- 39 Hy het die mense weggestuur, in die skuif geklim en in die gebied van Migdala gekom.
- 16** 1 Die Fariseërs en Sadduseërs het nadergekom om Hom te toets en het vir Hom gevra om vir hulle 'n teken uit die hemel te wys,
- 2 maar Hy antwoord en sê vir hulle: "In die aand sê julle: 'Dit sal mooi weer wees, want die lug is rooi'
- 3 en in die oggend sê julle: 'Daar sal vandag 'n storm wees, want die lug is rooi en deinserig.' Toneelspelers van 'n vals karakter, julle weet goed hoe om die sigbare tekens in die lug te onderskei en julle kan nie die tekens van hierdie tye onderskei nie?
- 4 'n Slegte en owerspelige geslag vereis 'n teken en geen teken sal aan hul gegee word nie, behalwe die teken van Yonah, die profeet." Yon 2:1; Mat 12:40 Hy het hulle verlaat en weggegaan
- 5 en toe Sy studentevolgelinge by die oorkant aangekom het, het hulle vergeet om brood saam te vat.
- 6 Hy sê vir hulle: "Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs."
- 7 Hulle het dit onder mekaar bespreek en gesê: "Dit is omdat ons geen brood gebring het nie,"
- 8 maar Yeshua het dit geweet en vir hulle gesê: "Kleintjies in vertroue, wat bespreek julle onder mekaar dat julle geen brood gebring het nie?
- 9 Verstaan julle tot nou toe nog nie en onthou julle ook nie die vyf brode en die vyf duisend en hoeveel groot mandjiesvol julle opgetel het nie?
- 10 Ook nie die sewe brode van die vier duisend en hoeveel ronde mandjiesvol julle opgetel het nie?
- 11 Hoe is dit dat julle nie verstaan dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie, maar om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs?"
- 12 Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs.

- 13 Toe Yeshua in die gebied van Kaisareia-Filippei kom, vra Hy Sy studentevolgelinge en sê: “Wie sê die mense dat Ek is, net ’n seun van ’n mens?”
- 14 Hulle antwoord: “Sommige sê Yoganan, die Doper, maar ander Eliyahu en ander Yirmeyahu of een van die profete.”
- 15 Hy sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?”
- 16 Shim'on Kefa antwoord en sê: “U is die Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”
- 17 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Jy is geseënd, Shim'on, seun van Yoganan, want vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die hemel is
- 18 en Ek sê verder vir jou: ‘Jy is Kefa. Op Hierdie Rots sal Ek My gemeente bou en die hekke van Sh'ol sal nie daarteen kan staan nie.
- 19 Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee en wat jy ook op die aarde mag vasbind, sal vasgebund wees, soos dit in die hemel reeds vasgebund is en wat jy ook op die aarde mag losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is’.”
- 20 Toe het Hy vir Sy studentevolgelinge bevel gegee dat hulle vir niemand mag sê dat Hy die Gesalfde Een is nie.
- 21 Van toe af aan het Yeshua begin om Sy studentevolgelinge in te lig dat Hy voorbereid is om na Yerushalayim te gaan en dat hy baie sal moet ly deur die oudstes, die leierpriesters en die leraars van die wet en vermoor sal word en op die derde dag sal opstaan.
- 22 Kefa vat Hom eenkant en begin Hom bestraf en sê: “Mag dit ver van U wees, my Meester, dat hierdie met U sal gebeur,”
- 23 maar Hy het weggedraai en vir Kefa gesê: “Gaan weg van agter My, teëstander! Jy is vir My ’n struikelblok omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van mense.”
- 24 Toe sê Yeshua vir Sy studentevolgelinge: “As enige iemand agter My aan wil kom, moet hy homself ontken en sy kruis opneem en saam met My gaan,
- 25 want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind,
- 26 want watter voordeel is daarin dat ’n mens die hele wêreld wen, maar aan sy gees kortkom? Of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy gees?
- 27 Want die Seun van die mens is op die punt om saam met Sy engele in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader te kom en dan sal Hy man vir man beloon volgens sy dade.
- 28 Dit is waar, Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens sal sien kom in Sy Koninkryk nie.”
- 17** 1 Ná ses dae het Yeshua vir Kefa, Ya'akov en Yoganan, sy broer, teen ’n hoë berg opgevat in afsondering
- 2 en Yeshua het voor hulle van voorkoms verander en Sy gesig het geskyn soos die son en Sy klere het stralend wit geword
- 3 en Mosheh en Eliyahu het aan hulle verskyn, in gesprek met Hom.

- 4 Kefa antwoord en sê vir Yeshua: “My Meester, dit is goed dat ons hier is; as U wil, sal ons hier drie afskortings opslaan: een vir U en een vir Mosheh en een vir Eliyahu.”
- 5 Terwyl hy nog praat, let op, ’n helder verligte wolk oordek hulle en ’n Stem sê uit die wolk: “Dit is My Seun wat Ek lief het, met wie Ek baie tevrede is. Luister na Hom!”
- 6 Toe die studentevolgelinge dit hoor, het hulle op hul gesigte neergeval en was baie bang
- 7 en Yeshua het nadergekom en hulle aangeraak en gesê: “Staan op, julle moenie bang wees nie.”
- 8 Hulle lig hulle oë op, maar sien niemand meer nie, behalwe Yeshua alleen
- 9 en terwyl hulle van die berg afklim, het Yeshua hulle beveel en vir hulle gesê: “Julle mag voor niemand iets van die visioen sê totdat die Seun van die mens uit die dood uit opgestaan het nie.”
- 10 Sy studentevolgelinge vra Hom en sê: “Waarom sê die leraars van die wet dan dat Eliyahu eers moet kom?”
- 11 Yeshua antwoord en sê: “Eliyahu kom eers sodat alles mag eindig,
- 12 maar Ek sê vir julle, let op, Eliyahu het alreeds gekom en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. ^{Mat 11:14; Luk 1:17} Net só sal die Seun van die mens ook deur hulle ly.”
- 13 Toe verstaan die studentevolgelinge dat Hy met hulle van Yoganán, die Doper, gepraat het. ^{Mal 3:23,24}
- 14 Toe hulle by die skare kom, kom daar ’n man na Hom toe en kniel voor Hom
- 15 en sê vir Hom: “My Meester, ontferm U oor my seun, want hy is waansinnig en ly baie, want hy val dikwels in die vuur en in die water
- 16 en ek het hom na U studentevolgelinge gebring en hulle kon hom nie gesond maak nie.”
- 17 Yeshua antwoord en sê: “O vertrouelose en misleide geslag, tot wanneer sal Ek by julle wees, tot wanneer sal Ek julle verdra? Bring hom hier na My toe.”
- 18 Yeshua bestraf die demoon en hy het uit hom uitgegaan en die seun het gesond geword van daardie oomblik af.
- 19 Toe kom die studentevolgelinge afsonderlik na Yeshua toe en sê: “Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?”
- 20 Yeshua antwoord hulle: “Deur julle gebrek aan vertroue. Dit is waar wat Ek vir julle sê, as julle vertroue in julle het soos ’n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: ‘Beweeg weg van hierdie plek af’ en hy sal beweeg en niks sal vir julle moeilik wees nie,
- 21 maar hierdie soort gaan nie uit, behalwe deur gebed en vas nie.”
- 22 Terwyl hulle in die Galila reis, het Yeshua vir hulle gesê: “Die Seun van die mens sal oorgegee word in die hande van die mense,
- 23 hulle sal Hom vermoor en op die derde dag sal Hy opstaan” en dit het hulle baie bedroef gemaak.
- 24 Toe hulle in K’far-Nagum kom, het die wat die tempelbelasting (dubbel dragma) ontvang, na Kefa gegaan en vir hom gesê: “Betaal julle Leerreëster nie die tempelbelasting nie?”

25 Hy sê vir hulle: “Ja.” Toe Kefa in die huis inkom, spring Yeshua hom voor en sê vir hom: “Wat dink jy, Shim’on? Van wie neem die konings van die aarde tol of belasting: van hulle seuns of van ander?”

26 Shim’on sê vir Hom: “Van die ander.” Yeshua sê vir hom: “Dan is die seuns vry,

27 maar sodat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi ’n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n shekel kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”

18 1 In daardie tyd het die studentevolgelinge na Yeshua gekom en gesê: “Wie is regtig die grootste in die Koninkryk van die hemel?”

2 Yeshua roep ’n seun en laat hom tussen hulle staan

3 en Hy sê: “Waarlik, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kinders word nie, sal julle nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

4 Elkeen dan wat hom verneder om te wees soos hierdie seun, hy is die grootste in die Koninkryk van die hemel

5 en wie ook al kinders soos dié in My Karakter en Outoriteit ontvang, ontvang My

6 en elkeen wat ’n oortreding begaan teenoor een van hierdie kleintjies, wat in My vertrou, vir hom is dit beter dat ’n donkie se meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.

7 Wee die wêreld weens oortredinge! Dit is wel noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblokke kom.

8 As jou hand of jou voet vir jou ’n struikelblok is, kap dit af en gooi dit weg van jou af (stop dit en laat staan dit), want dit is vir jou beter om die lewe in te gaan, kreupel of vermink (met minder), as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur te val
9 en as jou oog vir jou ’n struikelblok is, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af (stop dit en laat staan dit). Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan (nie alles te sien nie), as om twee oë te hê en in die hel van vuur te val.

10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie, want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemel altyd die Teenwoordigheid van My Vader, wat in die hemel is, sien,

11 want die Seun van die mens het gekom om te red, wie ook al verlore is.

12 Wat dink julle? As iemand ’n honderd skape het en een van hulle dwaal weg, sal hy nie die nege en negentig laat staan en op die heuwels die weggedwaalde een gaan soek nie?

13 Waarlik, Ek sê vir julle dat as hy hom kry, hy blyer is oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggedwaal het nie.

14 Net so is dit nie die begeerte van julle Vader, wat in die hemel is, dat een van hierdie kleintjies verlore sal gaan nie,

15 maar as jou broer teenoor jou oortree, gaan wys hom tereg; slegs tussen jou en hom. As hy vir jou luister, dan het jy jou broer gewen,

16 maar as hy nie luister nie, vat nog een of twee saam met jou sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord bevestig kan word, ^{Deut 19:15}

17 maar as hy nie na hulle luister nie, sê dit vir die gemeente en as hy ook nie na die gemeente luister nie, laat hom vir jou wees soos die belastinggaarder en die ongelowige. ^{2 Thes 3:6}

- 18 Waarlik Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde vasbind, sal vasgebond wees, soos dit reeds in die hemel is en alles wat julle op die aarde losmaak, sal losgemaak wees, soos dit reeds in die hemel is.
- 19 Weer sê Ek vir julle: 'As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat julle mag vra, sal dit vir julle gedoen word vanaf die Teenwoordigheid van My Vader wat in die hemel is,
- 20 want waar twee of drie in My Karakter en Outoriteit (Naam) bymekaarkom, daar is Ek saam met hulle'."
- 21 Toe kom Kefa na Hom en sê: "My Meester, hoeveel keer sal ek my broer vergewe as hy teen my 'n oortreding begaan? Tot sewe keer toe?"
- 22 Yeshua sê vir hom: "Ek sê vir jou, nie tot sewe keer toe nie, maar tot sewentig maal sewe keer toe.
- 23 As gevolg hiervan word die Koninkryk van die hemel vergelyk met 'n koning wat sy diensknegte se rekenings bereken het
- 24 en toe hy begin bereken, bring hulle een na hom toe wat tien duisend talente geskuld het
- 25 en omdat hy niks gehad het om mee te betaal nie, gee sy meester bevel dat hy, sy vrou, sy seuns en alles wat hy het, verkoop moet word en hy terugbetaal word.
- 26 Daardie slaaf val voor hom neer op sy gesig en sê: 'My meester, wees geduldig met my en ek sal u alles betaal.'
- 27 Die meester het meegevoel gehad vir daardie dienskneg en hom vrygelaat en sy skuld vergewe,
- 28 maar toe daardie slaaf uitgaan en een van sy medeslawe vind wat hom honderd denarii geskuld het, gryp hy hom aan die keel en sê: 'Betaal my wat jy my skuld.'
- 29 Sy mededienskneg val aan sy voete neer en smeek van hom en sê: 'Wees geduldig met my en ek sal jou terugbetaal,'
- 30 maar hy wou nie, maar het gegaan en hom in die tronk gegooi totdat hy, wat hy hom skuld, betaal het.
- 31 Toe sy medeslawe sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef en hulle het gegaan en aan hulle meester verslag gedoen oor alles wat gebeur het.
- 32 Toe roep sy meester hom en sê vir hom: 'Jou bouse slaaf, al daardie skuld het ek jou vergewe omdat jy my gevra het;
- 33 moes jy nie net so meegevoel met jou medeslaaf gehad het, soos ek vir jou gehad het nie?'
- 34 Sy meester was kwaad en het hom oorgegee aan die martelaars totdat hy alles betaal het wat hy hom verskuldig was.
- 35 Net so sal My Hemelse Vader ook aan julle doen as julle nie elkeen sy broer in verstand, wil en emosie sy oortredinge vergewe nie."
- 19** 1 Dit was toe Yeshua klaar gepraat het dat Hy van die Galila af vertrek het en deur die Yarden in die gebied van Y'udah gekom het
- 2 en 'n groot klomp mense het Hom gevolg en Hy het hulle daar gesond gemaak.
- 3 Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en vir Hom gesê: "Is dit volgens die wet vir 'n man om oor enige rede van sy vrou te skei?"

- 4 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Het julle nie gelees dat Hy wat hulle aanvanklik gemaak het, hulle man en vrou gemaak ^{Gen 1:27; 5:2}
- 5 en gesê het: ‘Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou vashou en hulle twee sal een vlees wees’ ^{Gen 2:24}
- 6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees, nie? Wat God dan een gemaak het, laat geen mens dit skei nie.”
- 7 Hulle sê vir Hom: “Waarom het Mosheh dan beveel om ’n skeibrief te gee en haar weg te stuur?” ^{Deut 24:1,3}
- 8 Hy sê vir hulle: “Omdat Mosheh julle weens die ongevoeligheid van julle verstand, wil en emosie toegelaat het om van julle vroue te skei, maar aanvanklik was dit nie so nie.
- 9 Ek sê vir julle dat wie ook al van sy vrou skei, anders as oor seksuele immoraliteit en ’n ander een trou, egbreuk pleeg en wie ook al met die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.”
- 10 Sy studentevolgelinge sê vir Hom: “As dit die aanklag tussen ’n man en ’n vrou is, dan is dit nie raadsaam om ’n vrou te vat nie,”
- 11 maar Hy sê vir hulle: “Nie almal begryp hierdie boodskap nie, maar net dié aan wie dit gegee is.
- 12 Daar is onthouers wat van hulle moeders se baarmoeder af so gebore is en daar is persone wat deur die mense onthoudend gemaak is en daar is persone wat hulleself onthoudend gemaak het ter wille van die Koninkryk van die hemel. Wie dit kan aanvaar, laat hom dit ontvang.”
- 13 Toe bring hulle kinders na Hom toe sodat Hy Sy hand op hulle kan lê en vir hulle bid en Sy studentevolgelinge het hulle bestraf,
- 14 maar Yeshua sê vir hulle: “Laat die kinders na My toe kom en moet hulle nie verbied nie, want aan dié wat só is soos hulle behoort die Koninkryk van die hemel.”
- 15 Hy het Sy hand op hulle gelê en daarvandaan weggegaan.
- 16 Daar kom een na Hom toe en sê vir Hom: “Goeie Leermeester, watter goeie ding moet ek doen sodat ek ewige lewe kan hê?”
- 17 Hy sê vir hom: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God, maar as jy in die lewe wil ingaan, gehoorsaam die opdragte.” ^{Open 22:14}
- 18 Hy vra vir Hom: “Watter?” Yeshua sê vir hom: ^{Eks 20:13-16} “Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis gee nie;
- 19 eer en respekteer jou vader en moeder ^{Eks 20:12} en wees vir jou naaste lief net soos vir jouself.” ^{Lev 19:18}
- 20 Die jongman sê vir Hom: “Al hierdie dinge het ek onderhou van kindsbeen af, wat kom ek kort?”
- 21 Yeshua sê vir hom: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee dit aan die armes en jy sal ’n skat in die hemel hê. Kom dan hier en volg My,”
- 22 maar toe die jongman dié boodskap hoor, het hy bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.
- 23 Yeshua sê vir Sy studentevolgelinge: “Dit is waar, Ek sê vir julle, dit is moeilik vir ’n ryk man om in die Koninkryk van die hemel in te gaan.

- 24 Ek sê weer vir julle, dit is makliker vir 'n kameelhaartou om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan.” ^{Iyov 24:22}
- 25 Toe sy studentevolginge dit hoor, was hulle baie verbaas en sê: “Wie kan dan lewe?”
- 26 Yeshua het na hulle gekyk en vir hulle gesê: “Vir mense is dit nie moontlik nie, maar by God is alle dinge moontlik.”
- 27 Toe antwoord Kefa en sê vir Hom: “Let op, ons het alles verlaat en saam met U gekom, wat sal dan vir ons gedoen word?”
- 28 Yeshua sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle dat julle wat saam met My ingaan in die Nuwe Wêreld, wanneer die Seun van die mens op Sy troon van Gemanifesteerde Teenwoordigheid sit, ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Yisra'el sal oordeel
- 29 en elkeen wat 'n huis of 'n broer of 'n suster of 'n vader of 'n moeder of 'n vrou of seuns of dorpe ter wille van My Karakter en Outoriteit verlaat het, sal elkeen honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe erf,
- 30 maar baie wat eerste is, sal laaste wees en die wat laaste is, sal eerste wees,
- 20** 1 want die Koninkryk van die hemel is soos 'n huiseienaar wat vroeg in die oggend uitgegaan het om werkers vir sy wingerd te huur
- 2 en hy het met die arbeiders 'n ooreenkoms aangegaan vir een denarion as dagloon en hulle na sy wingerd gestuur.
- 3 Ongeveer die derde uur gaan hy uit en sien ander ledig by die mark staan
- 4 en hy sê vir hulle: ‘Gaan julle ook in my wingerd in en ek sal aan julle gee wat reg is’
- 5 en hulle het gegaan. Hy het weer ongeveer die sesde en die negende uur uitgegaan en dieselfde gedoen.
- 6 Amper op die elfde uur van die dag gaan hy uit en vind nog ander ledig staan en sê vir hulle: ‘Hoekom staan julle die hele dag hier ledig?’
- 7 Hulle antwoord hom: ‘Omdat niemand ons gehuur het nie.’ Hy sê vir hulle: ‘Gaan julle ook in die wingerd in en wat reg is, sal julle ontvang.’
- 8 Toe die aand aanbreek, sê die eienaar van die wingerd vir sy bestuurder: ‘Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon en begin van die laastes af tot by die eerstes.’
- 9 Die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen een denarion ontvang
- 10 en toe die eerstes kom, het hulle gehoop dat hulle meer sal ontvang en hulle het ook elkeen een denarion ontvang.
- 11 Toe hulle dit ontvang het, kla hulle by die huisheer
- 12 en het gesê: ‘Hierdie laastes het een uur gewerk en u het hulle gelyk behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het,’
- 13 maar hy antwoord en sê vir een van hulle: ‘Vriend, ek doen jou geen kwaad aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir een denarion nie?’
- 14 Neem joune en gaan. Ek wil aan hierdie laaste groep gee net soos aan jou,
- 15 of is dit nie reg van my om met my eie besittings te maak wat ek wil nie? Het jy 'n bose oog (suinig) omdat ek goed is?’

- 16 Net so sal die wat laaste is, eerste wees en die wat eerste is, laaste, want baie is geroep, maar min is gekies.”
- 17 Toe Yeshua gereed was om op te gaan na Yerushalayim, het Hy die twaalf studentevolginge eenkant geneem op die pad en vir hulle gesê:
- 18 “Let op, ons gaan op na Yerushalayim en die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die leierpriesters en leraars van die wet en hulle sal Hom tot die dood veroordeel
- 19 en Hom oorlewer aan die nie-Jode en hulle sal Hom spot, gésel en kruisig en op die derde dag sal Hy opstaan.”
- 20 Toe kom die moeder van die seuns van Zavdai met haar seuns na Hom toe en val voor Hom neer om iets van Hom te vra
- 21 en Hy sê vir haar: “Wat begeer jy?” Sy antwoord Hom: “Sê dat hierdie twee seuns van my in U Koninkryk, een aan U regter- en een aan U linkerhand, mag sit.”
- 22 Yeshua antwoord en sê: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek gereed is om te drink en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?” Hulle sê vir Hom: “Ons kan.”
- 23 Hy sê vir hulle: “My beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word, maar om te sit aan My regter- en aan My linkerhand is nie Myne om te gee nie, behalwe aan hulle vir wie dit, deur My Vader, voorberei is.”
- 24 Toe die tien dit hoor, was hulle kwaad vir die twee broers.
- 25 Yeshua het hulle geroep en vir hulle gesê: “Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle,
- 26 maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees
- 27 en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees;
- 28 net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as ’n Losprys vir baie te gee.”
- 29 Toe Yeshua uit Yerigo uitgaan, het ’n groot skare mense saam met Hom gegaan
- 30 en let op, twee blindes het langs die pad gesit en toe hulle hoor dat Yeshua verbygaan, skreeu hulle uit en sê: “Ons Meester, gee om vir ons, Seun van Dawid!”
- 31 Die skare het hulle bestraf dat hulle moes stilbly, maar hulle het al harder geskreeu en gesê: “Ons Meester, gee om vir ons, Seun van Dawid!”
- 32 Yeshua het gestop en roep hulle en sê: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”
- 33 Hulle antwoord Hom: “Ons Meester, sodat ons oë geopen mag word.”
- 34 Yeshua het vir hulle baie jammer gevoel en hulle oë aangeraak en in ’n oomblik is hulle oë oopgemaak en hulle het Hom gevolg.

21 1 Sodra hulle naby Yerushalayim gekom het en Beit-Pagei langs die Olyfberg genader het, het Yeshua twee studentevolginge uitgestuur

2 en vir hulle gesê: “Gaan na daardie dorpie reg voor julle en dadelik sal julle ’n donkiemerrie kry wat vasgemaak is en ’n vul by haar. Maak hulle los en bring hulle vir My

3 en as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: ‘Ons Meester het hulle nodig’ en dadelik sal hy hulle hierheen stuur.”

- 4 Al hierdie het gebeur sodat dit vervul sou word wat deur die profeet gesê is, wat sê:
5 “Sê vir die dogter van Tziyon: ‘Kyk, jou Koning kom na jou toe, nederig en Hy ry op ’n donkie, op ’n vul, die vul van ’n donkiemerrie’.” ^{Z'kh 9:9}
- 6 Die studentevolginge het gegaan en gedoen net soos Yeshua hulle beveel het;
7 hulle het die donkiemerrie en die vul gebring en hulle klere bo-op die vul gelê en Yeshua het daarop gery.
- 8 ’n Groot menigte mense het hulle klere op die pad oopgesprei, maar ander het takke van die bome afgekap en op die pad neergelê.
- 9 Die skare wat voor geloop en dié wat gevolg het, het uitgeskreeu en gesê: “Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה. U in die hoogste hemel: red ons nou!” ^{Ps 118:25-26}
- 10 Toe Hy in Yerushalayim inkom, is die hele stad omgekrap en hulle het gesê: “Wie is Hy?”
- 11 Die skare sê: “Dit is Yeshua, die Profeet, wat van Natzeret in die Galila is.”
- 12 Yeshua het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die sitplekke van die duiweverkopers omgegooi
- 13 en Hy het vir hulle gesê: “Daar is geskrywe: ‘My huis moet ’n huis van gebed genoem word,’ ^{Yes 56:7} maar julle het dit ’n grot vir plundersaars gemaak.” ^{Yir 7:11}
- 14 Hulle het blindes en kreupeles na Hom toe gebring in die tempelarea en Hy het hulle gesond gemaak,
- 15 maar toe die leierpriesters en leraars van die wet die wonderwerke sien wat Hy gedoen het en die seuns in die tempelarea uitroep en sê: “Red ons nou, Seun van Dawid,” het dit vir hulle boos gelyk
- 16 en hulle sê vir Hom: “Hoor U wat hulle daar sê?” Yeshua antwoord hulle: “Ja, het julle nooit gelees: ‘Uit die mond van babas en suigeling het U ’n lied van lofprysing gekomponeer,’ ^{Ps 8:3} nie?”
- 17 Hy het weggegaan van hulle af en uit die stad uitgegaan na Beit-Anyah en daar oornag.
- 18 Vroegoggend het Hy teruggegaan na die stad toe; Hy was honger
- 19 en Hy sien ’n vyeboom langs die pad en gaan daarheen, maar Hy het niks daaraan gevind nie behalwe blare en Hy sê vir dit: “Daar sal nooit weer vrugte aan jou wees tot in ewigheid nie;” en onmiddellik het die vyeboom verdroog.
- 20 Toe die studentevolginge dit sien, was hulle verwonderd en sê: “Hoe het die vyeboom in ’n oogwink verdroog?”
- 21 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, as julle vertrou in julle het en nie twyfel nie, sal julle nie slegs doen wat met die vyeboom gebeur het nie, maar al sê julle vir hierdie berg: ‘Lig jou op en gooi jou in die see,’ sal dit gebeur
- 22 en alles wat julle ook al in gebed vra en julle vertrou, sal julle ontvang.”
- 23 Toe Yeshua in die tempel ingegaan het, kom die leierpriesters en die oudstes van die volk na Hom toe terwyl Hy besig was om te leer en hulle sê vir Hom: “In watter outoriteit doen U hierdie dinge en wie het aan U hierdie outoriteit gegee?”

- 24 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek sal julle ook een ding vra en as julle My antwoord, sal Ek julle sê in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen.
- 25 Die doop van Yoganán, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense?” Hulle het dit eenkant bespreek en gesê: “As ons sê: ‘Uit die hemel,’ dan sal Hy ons vra: ‘Waarom het julle hom nie geglo nie?’
- 26 en as ons sê: ‘Uit mense,’ dan moet ons oppas vir die skare, want almal beskou Yoganán as ’n profeet.”
- 27 Hulle antwoord en sê vir Hom: “Ons weet nie.” Yeshua sê vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen nie,
- 28 maar hoe lyk dit vir julle? Daar was ’n sekere man wat twee seuns gehad het en hy roep die eerste een en sê vir hom: ‘My seun, gaan werk vandag in die wingerd,’
- 29 maar hy antwoord en sê: ‘Ek wil nie,’ maar later het hy berou gehad en gegaan.
- 30 Hy het na die tweede gegaan en vir hom net so gesê en hy antwoord en sê: ‘Ja, my meester’ en hy het nie gegaan nie.
- 31 Wie van hierdie twee het die wil van hulle vader gedoen?” Hulle antwoord Hom: “Die eerste.” Yeshua sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, die belastinggaarders en die prostitute gaan julle vooruit die Koninkryk van God in,
- 32 want Yoganán het na julle toe gekom met die pad van regverdigheid en julle het hom nie vertrou nie, maar die belastinggaarders en die prostitute het hom vertrou en julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te vertrou nie.
- 33 Luister na ’n ander vergelykende storie: ‘Daar was ’n sekere huiseienaar wat ’n wingerd geplant en ’n heining om dit gesit het. Hy het ’n parskuip daarin gegrawe, ’n wagtoring gebou, die sorg aan werkers oorgegee en na ’n ander land gereis.
- 34 Toe die vrugteseisoen aangebreek het, stuur hy sy slawe na die boere om van die vrugte van sy wingerd aan hom te stuur
- 35 en die boere het sy slawe gevat, een geslaan, ’n ander een doodgemaak en ’n ander een gestenig.
- 36 Weer het hy ander slawe gestuur, meer as die eerstes en hulle het met hulle net so gemaak. ^{2 Kro 36:15,16}
- 37 Laastens het hy sy seun na hulle toe gestuur en gesê: ‘Hulle sal my seun respekteer,’
- 38 maar toe die werkers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: ‘Dit is die erfgenaam; kom ons maak hom dood en neem sy erfdeel vir ons’
- 39 en hulle het hom gegryp en uit die wingerd uitgelei en hom doodgemaak.’
- 40 Wanneer die meester van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie werkers doen?”
- 41 Hulle het vir Hom gesê: “Baie sleg; hy sal hulle vernietig en die wingerd oorgee aan die sorg van ander werkers wat aan hom die vrugte in seisoen sal gee.”
- 42 Yeshua sê vir hulle: “Het julle nooit in die Skrifte gelees nie? ‘Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë.’ ^{Ps 118:22-23}
- 43 Deur dit sê Ek vir julle: ‘Die Koninkryk van God sal van julle weggevat word en aan ’n volk gegee word wat vrugte sal dra ^{Ps 102:19; Rom 11}

44 en wie ook al op hierdie Steen val, sal stukkend breek en elkeen op wie Hy val, dié sal tot poeier gemaal word'. ” ^{1 Kefa 2:6; Rom 9:32,33}

45 Toe die leierpriesters en die Fariseërs sy vergelykende stories hoor, het hulle geweet dat Hy teen hulle gepraat het

46 en hulle het probeer om Hom te vang, maar hulle was bang vir die skare omdat dié Hom as ’n profeet beskou het.

22 1 Yeshua het weer gepraat deur ’n vergelykende storie en gesê:

2 “Die Koninkryk van die hemel is soos ’n koning wat ’n huweliksfees vir sy seun voorberei

3 en sy slawe uitgestuur het om die genooïdes na die huweliksfees te roep en hulle het gekies om nie te kom nie.

4 Weer het hy ander slawe uitgestuur met die boodskap: ‘Sê vir die genooïdes: “Let op, my feesmaal is voorberei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed! Kom na die huweliksfees”.’

5 Hulle het egter minagting gewys en weggegaan, een na sy lande en ’n ander na sy besigheid

6 en ander het sy slawe gegryp, mishandel en doodgemaak.

7 Toe die koning dit hoor, het hy woedend geword en sy soldate gestuur en daardie moordenaars uitgewis en hulle stad aan die brand gesteek.

8 Toe sê hy vir sy diensknegte: ‘Die huweliksfees is gereed, maar die genooïdes was dit nie waardig nie,

9 gaan daarom na die einde van die paaie en nooi almal wat julle vind na die huweliksfees.’

10 Daardie slawe het uitgegaan op die paaie en almal bymekaar gemaak wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies en hulle het die plek van die huweliksfees vol gemaak.

11 Toe die koning ingaan om die gaste te sien, sien hy daar iemand wat nie ’n huwelikskleed aan het nie

12 en hy sê vir hom: ‘My vriend, hoe het jy hier ingekom sonder ’n huwelikskleed aan?’ Hy was sprakeloos. ^{Tz’f 1:8; Open 16:15; Open 19:8}

13 Toe sê die koning vir sy dienaars: ‘Bind sy hande en voete vas en gooi hom in die duisternis daar buite.’ Daar sal ’n gehuil wees en ’n gekners van die tande,

14 want baie is uitgenooi, maar min het gekies.”

15 Toe gaan die Fariseërs en hou vergadering oor hoe om Hom, in wat Hy sê, te vang

16 en hulle stuur hul studentevolgens saam met die Herodiane na Hom toe en sê:

“Leermeester, ons weet dat U Waarheid is en die Pad van God in regverdigheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien geen van die mense se uiterlike aan nie;

17 sê daarom vir ons, wat dink U: is dit volgens die wet om aan die keiser belasting te betaal of nie?”

18 Yeshua het egter hulle boosheid geken en gesê: “Toneelspelers van ’n vals karakter, waarom toets julle My?

19 Wys My die denarion waarmee die belasting betaal word” en hulle gee vir Hom ’n denarion.

- 20 Yeshua vra vir hulle: “Wie se beeld en inskripsie is dié?”
- 21 Hulle antwoord: “Die keiser s’n.” Hy sê vir hulle: “Gee daarom aan die keiser wat die keiser s’n is en aan God wat God s’n is.”
- 22 Toe hulle dit hoor, was hulle verwonderd en het Hom verlaat en weggegaan.
- 23 Op dieselfde dag kom die Sadduseërs en hulle sê vir Hom: “Daar is geen opstanding van die dooies nie.” Hulle vra vir Hom
- 24 en sê: “Leermeester, Mosheh het vir ons gesê dat as enige man sonder seuns sterf, mag sy broer sy vrou vat en saad vir sy broer verwek. ^{Deut 25:5-6}
- 25 Daar was nou by ons sewe broers. Die eerste het getrou en gesterf en geen seuns gehad nie. Hy het sy vrou vir sy broer agtergelaat
- 26 en net so ook die tweede en die derde tot by die sewende
- 27 en na almal het die vrou ook gesterf.
- 28 Daarvolgens dan, in die opstanding, van watter een van die sewe sal sy die vrou wees, want almal het haar gevat?”
- 29 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Julle fouteer omdat julle die Skrifte nie verstaan en ook nie die wonderwerkende krag van God nie,
- 30 want in die opstanding van die dooies vat hulle nie vrouens en is vrouens ook nie vir mans nie, maar hulle is net soos die engele van God in die hemel.
- 31 Wat die opstanding van die dooies egter betref; het julle nie gelees wat vanaf God vir julle gesê is nie? Hy wat gesê het:
- 32 ‘Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die God van Abraham en die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov’. ^{Eks 3:6} God is nie ’n God van dooies nie, maar van lewendes.”
- 33 Toe die skare dit hoor, was hulle stomgeslaan oor Sy leringe,
- 34 maar toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs stilgemaak het, het hulle almal saam vergader
- 35 en een van hulle, ’n kenner van die wet, het ’n vraag gestel om Hom te toets:
- 36 “Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?”
- 37 Yeshua antwoord hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. ^{Deut 6:5; Mar 12:29,30}
- 38 Dit is die eerste en grootste opdrag
- 39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. ^{Lev 19:18}
- 40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.”
- 41 Yeshua vra vir die Fariseërs, wat bymekaargekom het,
- 42 en sê: “Wat sê julle van dié Gesalfde Een? Wie se seun is Hy?” Hulle antwoord Hom: “Die Seun van Dawid.”
- 43 Hy sê vir hulle: “Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees, ‘Meester’ noem, as hy sê:
- 44 יהוה het vir my Meester gesê: sit aan My regterhand totdat Ek U vyande onder U voete plaas?” ^{Ps 110:1}
- 45 As Dawid Hom dan ‘Meester’ noem, hoe is Hy dan sy seun?”
- 46 Niemand kon Hom ’n antwoord gee nie en ook het niemand van daardie dag af dit meer gewaag om aan Hom vrae te vra nie.

- 23** 1 Toe het Yeshua met die mense en met Sy studentevolginge gepraat
 2 en vir hulle gesê: “Die leraars van die wet en die Fariseërs het gaan sit op die stoel van Mosheh;
 3 daarom moet julle alles wat hulle vir julle sê om te onderhou, onderhou en doen, maar moenie doen soos hulle doen nie, want hulle praat net en doen nie,
 4 want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie,
 5 maar alles wat hulle doen, doen hulle om deur die mense gesien te word. Hulle maak hul gebedskassies breed en die blou draad in hul tassels aan hulle klere lank.
 6 Hulle is lief vir die eersteklas sitplekke by feeste en die eersteklas sitplekke in bymekaarkomplekke,
 7 die groetwense op die stadsplein en om deur die mense ‘my groot een’ genoem te word,
 8 maar julle, laat julle nie ‘my groot een’ noem nie, want daar is net Een wat Groot is en julle is almal broers.
 9 Julle moenie julleself op die aarde vader noem nie, want een is julle Vader: Hy wat in die hemel is.
 10 Julle moet julle ook nie leiers laat noem nie, want een is julle Leier: dié Gesalfde Een.
 11 Hy wat groot is onder julle moet julle dienskneg wees
 12 en enige een wat homself verhoog, sal verneder word en wie homself verneder, sal verhoog word,^{Iyov 22:29; Luk 18:14}
 13 maar wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, wat die huise van die weduwees verteer deur ’n offer van lang herhaling van woorde in julle gebede; as gevolg hiervan sal julle ’n groter oordeel ontvang.
 14 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle maak die Koninkryk van die hemel toe voor die mense; omrede julle self nie ingaan nie, laat julle nie toe dat hulle wat wil, ingaan nie.
 15 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle loop rond oor see en land om een bekeerling te maak en as hy dit geword het, maak julle hom ’n seun van die hel, twee maal erger as julleself.
 16 Wee julle, blinde gidse, wat sê: ‘Wie ’n eed sweer by die tempel; dit is niks nie, maar wie ’n eed sweer by die goud van die tempel, hy is onder verpligting.’
 17 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud afsonder?
 18 ‘Wie ’n eed sweer by die altaar; dit is niks nie, maar wie ’n eed sweer by die offerande bo-op dit, hy is onder verpligting.’^{Deut 6:13; Mat 5:33-37}
 19 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die offerande, of die altaar wat die offer afsonder?
 20 Wie dus ’n eed sweer by die altaar, sweer ’n eed dáárby en by alles wat daarop is
 21 en wie ’n eed sweer by die tempel, sweer ’n eed dáárby en by Hom wat daarin woon
 22 en wie ’n eed sweer by die hemel, sweer ’n eed by die troon van God en by Hom wat daarop sit.

- 23 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander en die meer gewigtige dinge van die wet laat julle ná: die regverdige oordeel, die omgee en die vertroue. Hierdie dinge is nodig vir julle om te doen; moenie daardie dinge nalaat nie. ^{Deut 14:22; Luk 11:42}
- 24 Blinde gidse, wat die muggies uitsif, maar die kamele insluk!
- 25 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle maak die buitekant van die beker en die bord skoon, maar binnekant is dit vol uitbuitery en onregverdigheid.
- 26 Blinde Fariseërs, maak eers die binnekant van die beker en die bord skoon sodat die buitekant daarvan ook skoon kan wees.
- 27 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle is net soos wit gekalkte grafte wat van buite af mooi lyk, maar van binne vol dooies se bene en alle korrupsie is
- 28 en net so lyk julle ook wel onskuldig van buite vir die mense, maar van binne is julle wetteloos en toneelspelers van vals karakters.
- 29 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van vals karakters, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die onskuldiges
- 30 en julle sê: 'As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie.'
- 31 Dus getuig julle teen julleself dat julle seuns is van die wat die profete vermoor het
- 32 en julle voltooi die kwota van julle vaders!
- 33 Slange, kinders van adders, hoe sal julle ontsnap van die oordeel van die hel?
- 34 Let op, om hierdie rede stuur Ek profete, wyse manne en leraars van die wet na julle toe en julle sal van hulle doodmaak en kruisig en van hulle in julle bymekaarkomplekke gésel en van stad na stad die ander vervolg
- 35 sodat oor julle al die onskuldige bloed wat vergiet is op die aarde kan kom, vanaf die bloed van die onskuldige Hevel tot by die bloed van Z'kharyah, die seun van Berekyah, wat julle tussen die tempel en die altaar vermoor het. ^{2 Kro 24:20-22}
- 36 Dit is waar, Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.
- 37 Yerushalayim, Yerushalayim, jy wat die profete vermoor en dié wat na jou toe gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou seuns bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak en julle wou nie!
- 38 Let op, julle huis word verlate en vir julle woes gelaat, ^{Yir 22:5}
- 39 want Ek sê vir julle: julle sal My van nou af nie weer sien nie totdat julle sal sê: 'Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה!' ^{Ps 118:26}
- 24** 1 Yeshua het uit die tempel uitgegaan om te vertrek en Sy studentevolginge het nadergekom en vir Hom die argitektuur van die tempel gewys,
- 2 maar Hy sê vir hulle: "Sien julle al hierdie dinge? Waarlik Ek sê vir julle, daar sal op hierdie plek sekerlik geen klip op 'n ander gelos word, wat nie afgebreek sal word nie."
- 3 Ook toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die studentevolginge alleen na Hom toe en sê: "Vertel vir ons, wanneer sal hierdie dinge wees en wat is die teken van U koms en van die einde van die wêreld?"

- 4 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Pas op dat niemand julle mislei nie,
5 want baie sal in My Naam (Karakter en Outoriteit) kom en sê: ‘Ek is dié Gesalfde Een’ en hulle sal baie mislei.
6 Julle sal hoor van oorloë en van verslae van oorloë. Onderskei, moenie bang word nie, want dit is nodig vir al daardie dinge om te gebeur, maar dit is nog nie heeltmal die einde nie,
7 want nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk en daar sal hongersnode wees en plaë en aardbewings op verskillende plekke,
8 maar al hierdie dinge is die begin van smarte.
9 Dan sal hulle julle oorgee om te ly en julle doodmaak en julle sal onder al die nasies gehaat word ter wille van My Karakter en Outoriteit
10 en dan sal baie omgekeer word en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat.
11 Baie vals profete sal opstaan en baie mense mislei
12 en deur die oorvloed van wetsoortreding, sal die liefde van baie afkoel, ^{Deut 8:11}
13 maar wie vasstaan tot die einde toe, hy sal die lewe hê.
14 Hierdie goeie boodskap van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot getuënis vir al die nasies en dan sal die einde kom.
15 Wanneer julle dan die teken van die verwerplikheid van afgodery, waarvan gepraat is deur die profeet Daniël, ^{Dan 9:27; 11:31} sien staan in die plek wat afgesonder is, moet die leser verstaan,
16 dan moet dié wat in Y’hudah is, vlug na die berge;
17 wie op die dak is, moenie afkom om iets uit sy huis weg te vat nie
18 en wie in die veld is, moenie terugdraai om sy klere te vat nie.
19 Wee die vroue wat swanger is en die wat nog borsvoed in daardie dae,
20 maar bid dat julle ontvlugting nie in die winter of op die Shabbat sal wees nie,
21 want daar sal dan groot lyding wees soos daar van die begin van die aarde af tot nou toe nie was nie en ook nie sal wees nie. ^{Yo’ 2:2; Dan 12:1}
22 As daardie dae nie verkort sou word nie, sou geen liggaam gered word nie, maar ter wille van die wat gekies is, sal daardie dae verkort word.
23 Wanneer iemand dán vir julle sê: ‘Let op, hier is dié Gesalfde Een!’ of, ‘Daar!’ moet dit nie glo nie,
24 want daar sal vals gesalfdes en profete van leuens opstaan en hulle sal groot tekens gee om, as dit moontlik was, ook die wat gekies is te mislei.
25 Let op, Ek sê dit vir julle vooruit.
26 As hulle dan vir julle sê: ‘Kyk, Hy is in die wildernis,’ moenie gaan nie; of let op, ‘Hy is in ’n geheime kamer;’ moet dit nie glo nie,
27 want net soos die weerlig uitslaan in die ooste en tot in die weste sigbaar is, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
28 Waar die karkas ook al lê, daar sal die aasvoëls versamel
29 en dadelik ná die lyding van daardie dae sal die son verduister word, die maan sal sy lig nie gee nie, ^{Yes 13:10; Yeg 32:7} die sterre sal uit die hemel val, die magte van die hemele sal omgekrap word ^{Yes 34:4; Hag 2:6; Mar 13:25; Luk 21:26; Heb 12:26}

- 30 en dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn en dan sal al die stamme van die aarde treur ^{Z'kh 12:10-14} en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel ^{Dan 7:13-14} met baie wonderwerke en eer, grootheid en lofprysinge.
- 31 Hy sal Sy boodskappers uitstuur met groot ramshorings ^{Yes 27:13} en hulle sal Sy verkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een uiterste van die hemele af tot by die ander uiterste daarvan.
- 32 Leer van die vyeboom hierdie vergelykende storie: teen die tyd dat sy tak sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.
- 33 Net so verstaan julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat Hy naby is, voor die deur.
- 34 Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. ^{Luk 21:32}
- 35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My boodskappe sal nie verbygaan nie,
- 36 maar wat betref daardie dag en die uur weet niemand nie, selfs nie die boodskappers van die hemel nie, maar slegs die Vader alleen,
- 37 maar net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees,
- 38 want net so was hulle voor die vloed; hulle het geëet en gedrink, vroue en mans gevat, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het
- 39 en nie verstaan het voordat die vloed gekom en almal weggevat het nie. Net so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
- 40 Dan sal daar twee in die veld wees; die een sal weggelei word en die een sal gelos word.
- 41 Twee vroue sal in die meulhuis maal; die een sal weggelei word en die een sal gelos word.
- 42 Word dan wakker omdat julle nie weet watter uur julle Meester kom nie,
- 43 maar weet dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd die dief sou kom, sou hy wakker gewees het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie;
- 44 daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom daardie uur wat julle dit nie verwag het nie.
- 45 Wie is dan die getroue en wyse slaaf vir wie sy meester oor sy huishouding aangestel het om hulle hul kos op die regte tyd te gee?
- 46 Geseënd is daardie slaaf vir wie sy meester, as hy kom, só besig sal vind.
- 47 Dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel,
- 48 maar as daardie slaaf boos is en in sy gedagtes sê: 'My meester neem lank om te kom'
- 49 en hy sy medeslawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink,
- 50 dan sal die meester van daardie slaaf op 'n dag kom dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie weet nie
- 51 en hy sal hom vreeslik slaan en sy deel sit by die toneelspelers van vals karakters. Daar sal 'n gehuil wees en gekners van tande."

- 25 ¹ “Dan sal die Koninkryk van die hemel wees soos tien maagde wat hulle lampe
gevat en uitgegaan het om die bruidegom en bruid te ontmoet,
2 maar vyf van hulle was wys en vyf was dwaas.
3 Die wat dwaas was, het hulle lampe gevat en nie olie saamgevat nie,
4 maar die wyses het olie in hulle houers saam met hulle lampe gevat.
5 Toe die bruidegom verdrag is om te kom, het hulle almal moeg geword en
geslaap,
6 maar in die middel van die nag was daar ’n uitroep: ‘Let op, die bruidegom kom;
gaan uit om hom te ontmoet!’
7 Toe staan al daardie maagde op en berei hulle lampe voor.
8 Die dwases sê aan die wyses: ‘Gee vir ons van julle olie, let op, ons lampe het
uitgegaan,’
9 maar die wyses antwoord en sê: ‘Hoekom? Daar is nie genoeg vir ons en vir julle
nie. Gaan na die verkopers en koop vir julleself.’
10 Terwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom en die wat gereed was, het
saam met hom ingegaan na die troulokaal en die deur is toegemaak.
11 Agterna kom ook die ander maagde en sê: ‘Ons meester, ons meester, maak vir
ons oop,’
12 maar hy antwoord en sê vir hulle: ‘Dit is waar, ek sê vir julle, ek het nie ’n
verbondsverhouding met julle nie.’ ^{Open 22:14}
13 Word dan wakker omdat julle die dag en die uur nie weet nie.
14 Dit is net soos ’n man wat op reis gaan en sy slawe roep en sy besittings aan hulle
oorhandig
15 en aan die een gee hy vyf talente en aan die ander, twee en aan die ander, een, aan
elkeen na sy vermoë en hy het dadelik na ’n ander land vertrek.
16 Die een wat die vyf talente gekry het, het daarmee gaan handel dryf en vyf ander
talente bygekry.
17 Net so het die een wat die twee gekry het, self ook twee ander bygekry,
18 maar hy wat die een ontvang het, het gegaan en in die grond gegrawe en sy meester
se geld begrawe.
19 Ná ’n lang tyd het die slawe se meester gekom en rekenskap van hulle gevra
20 en die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring nog vyf talente en sê: ‘My
meester, vyf talente het u vir my gegee; ek het nog vyf talente bygevoeg’
21 en sy meester sê vir hom: ‘Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor ’n bietjie was jy
betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou meester.’
22 Die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: ‘My meester, twee talente
het u aan my gegee; ek het nog twee talente bygevoeg.’
23 Sy meester sê vir hom: ‘Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor ’n bietjie was jy
betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou meester.’
24 Die een wat een talent ontvang het, kom ook en sê: ‘My meester, ek het u geken
dat u ’n harde man is wat oes waar u nie gesaai het nie en bymekaarmaak waar u
nie gedors het nie
25 en ek was bang. Ek het gegaan en u talent in die grond begrawe. Let op, dit wat
aan u behoort.’

- 26 Sy meester antwoord en sê vir hom: 'Jou slegte en lui slaaf, jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie en bymekaarmaak waar ek nie gedors het nie.
- 27 Dit was jou plig om my geld by die geldwisselaars in te gee en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.
- 28 Neem dan die talent van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien talente het,
- 29 want aan elkeen wat het, sal gegee word en dit sal vir hom vermenigvuldig word, maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word, ook wat hy het
- 30 en gooi die nuttelose slaaf uit in die buitenste duisternis; daar sal 'n gehuil wees en gekners van tande.'
- 31 Wanneer die Seun van die mens in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid kom en al die afgesonderde engele saam met Hom, dan sal Hy sit op Sy troon van eer, lof en grootheid
- 32 en voor Hom sal al die nasies bymekaargemaak word en Hy sal hulle van mekaar skei net soos die skaapwagter die skape van die bokke skei
- 33 en Hy sal die skape aan Sy regterhand en die bokke aan Sy linkerhand laat staan.
- 34 Dan sal die Koning vir dié aan Sy regterhand sê: 'Kom, julle geseëndes van My Vader, kom erf die Koninkryk wat vir julle voorberei is vanaf die ontstaan van die heelal af,
- 35 want Ek het honger gehad en julle het vir My kos gegee; Ek het dors gehad en julle het vir My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling en julle het My ontvang;
- 36 Ek was kaal en julle het My aangetrek; Ek was siek en julle het My versorg; Ek was in die tronk en julle het My besoek.'
- 37 Dan sal die onskuldiges Hom antwoord en sê: 'Ons Meester, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors en te drinke gegee
- 38 en wanneer het ons gesien dat U 'n vreemdeling is en U ontvang; of kaal en U aangetrek
- 39 en wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?'
- 40 Die Koning sal antwoord en vir hulle sê: 'Dit is waar, Ek sê vir julle, in die mate waarin julle dit gedoen het vir een van die onbelangrikste van hierdie broers van My, het julle dit vir My gedoen.'
- 41 Dan sal Hy ook vir dié aan Sy linkerhand sê: 'Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur in wat voorberei is vir die teëstander en sy engele,
- 42 want Ek het honger gehad en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad en julle het My nie te drinke gegee nie;
- 43 Ek was 'n vreemdeling en julle het My nie ontvang nie; kaal en julle het My nie aangetrek nie; siek en in die tronk en julle het nie vir my gesorg nie.'
- 44 Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: 'Ons Meester, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of kaal of siek of in die tronk en U nie bedien nie?'
- 45 Dan sal Hy hulle antwoord en vir hulle sê: 'Dit is waar, Ek sê vir julle, in die mate waarin julle dit nie gedoen het vir een van hierdie onbelangriks nie, het julle dit ook nie vir My gedoen nie'

46 en hulle sal weggaan in die ewige marteling in, maar die onskuldiges in die ewige lewe in.” 1 Kor 15:23-28; Open 20:4-15

26 1 Dit was nadat Yeshua al hierdie dinge klaar gesê het dat Hy vir Sy studentevolgelinge sê:

2 “Julle weet oor twee dae is die Pesag en die Seun van die mens sal oorgelewer word om gekruisig te word.”

3 In daardie tyd het die leierpriesters en die leraars van die wet en die oudstes van die volk in die paleis van die hoofpriester, wat Kayafa genoem word, bymekaargekom

4 en hulle het ’n vergadering gehou oor Yeshua om Hom deur misleiding te vang en te vermoor.

5 Hulle het gesê: “Nie tydens die fees nie sodat daar nie ’n oproer onder die mense ontstaan nie.”

6 Toe Yeshua in Beit-Anyah, in die huis van Shim’on, die pottebakker was,

7 kom ’n vrou na Hom toe met ’n fles geparfumeerde olie wat baie duur is en gooi dit op sy kop uit terwyl Hy aan die tafel skuinsgelê het,

8 maar toe Sy studentevolgelinge dit sien, was hulle ontsteld en sê: “Hoekom dit mors,

9 want dit kon vir baie verkoop en die geld dan aan die armes gegee word?”

10 Yeshua het dit geweet en sê vir hulle: “Waarom val julle die vrou lastig omdat sy ’n pragtige daad vir My gedoen het?

11 Die bedelaars het julle altyd by julle, maar nie altyd vir My nie,

12 want toe sy hierdie aromatiese olie op My liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen asof vir My begrafnis.

13 Dit is waar, Ek sê vir julle, oral in die hele wêreld, waar hierdie goeie boodskap van My verkondig sal word, sal ook gepraat word van wat sy gedoen het, tot ’n herinnering aan haar.”

14 Toe gaan een van die twaalf, genoem Y’hudah van K’riot, na die leierpriesters

15 en sê vir hulle: “Wat is julle gewillig om my te gee en ek sal Hom aan julle oorlewer?” Hulle het hom dertig silwerstukke belowe ^{Z^{kh} 11:12, 13}

16 en van toe af het hy ’n geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.

17 Toe die eerste dag van onthouding van suurdeeg aanbreek, kom die studentevolgelinge na Yeshua en sê vir Hom: “Waar wil U hê moet ons vir U voorberei om die Pesag te eet?”

18 Hy antwoord: “Gaan na die stad, na ’n sekere persoon en sê vir hom: ‘Die Leermeester laat weet: My tyd is naby, Ek sal saam met My studentevolgelinge by jou die Pesag hou.’”

19 Die studentevolgelinge het gedoen net soos Yeshua hulle beveel het en hulle het die Pesagmaal voorberei.

20 Toe dit aand geword het, het Hy saam met die twaalf studentevolgelinge skuinsgelê by die tafel

21 en terwyl hulle eet, sê Hy: “Dit is waar, Ek sê vir julle, een van julle sal My oorlewer.”

22 Toe word hulle baie bedroef en elkeen van hulle begin vir Hom vra: “Is dit miskien ek, my Meester?”

- 23 Hy antwoord en sê: “Hy wat sy hand saam met My in die bak in doop, dit is hy wat My sal verraai.
- 24 Die Seun van die mens gaan weg soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens oorgelewer word! Dit sou vir daardie man goed gewees het as hy nie gebore is nie.”
- 25 Y’hudah, wat Hom sou oorlewer, antwoord en sê: “Is dit dan ek, my Meester?” Hy antwoord hom: “Jy self het dit gesê.”
- 26 Terwyl hulle eet, vat Yeshua die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en sê: “Neem, eet, dit is My liggaam.”
- 27 Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: “Drink almal daaruit,
- 28 want dit is My bloed, van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes,
Yir 31:30-33; 1 Kor 11:24,25; 2 Kor 3:6; Heb 8:8-12
- 29 maar Ek sê vir julle: ‘Ek sal van nou af glad nie weer van hierdie vrug van die wynstok drink, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die Koninkryk van My Vader nie.’”
- 30 Hulle het lofliedere gesing en uitgegaan na die Olyfberg.
- 31 Toe sê Yeshua vir hulle: “Julle sal almal in hierdie nag aanstoot aan My neem, want daar is geskrywe: ‘Ek sal die Skaapwagter slaan en die skape van die kudde sal uitmekaar gejaag word,’ Z’kh 13:7
- 32 maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na die Galila gaan.”
- 33 Kefa antwoord en sê vir Hom: “Al sou almal ook teen U aanstoot neem, ek sal nooit aanstoot neem nie.”
- 34 Yeshua sê vir hom: “Dit is waar, Ek sê vir jou, in hierdie nag, sal jy My drie maal ontken voordat die haan sou kraai.”
- 35 Kefa sê vir Hom: “Selfs al moet ek saam met U sterf, ek sal U nooit ontken nie!”
Al die studentevolgelinge het ook so gesê.
- 36 Toe kom Yeshua saam met hulle in ’n plek genoem Gat-Sh’manim en Hy sê vir die studentevolgelinge: “Sit hier terwyl Ek gaan om te bid.”
- 37 Hy vat Kefa en die twee seuns van Zavdai saam en begin bedroef en benoud word.
- 38 Hy sê vir hulle: “My verstand, wil en emosie is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.”
- 39 Hy het ’n entjie onttrek en op Sy gesig geval en gebid en gesê: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.”
- 40 Hy gaan na die studentevolgelinge en vind hulle aan die slaap en Hy sê vir Kefa: “Kon julle nie een uur saam met My waak nie?”
- 41 Waak en bid sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”
- 42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: “My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat dit wees soos U wil.”
- 43 Hy gaan na hulle toe en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar

- 44 en Hy het weer van hulle af weggegaan en vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.
- 45 Toe kom Hy by Sy studentevolgelinge en sê vir hulle: “Slaap maar voort en word verfris. Let op, die uur is naby en die Seun van die mens word oorgegee in die hande van sondaars.
- 46 Staan op, laat ons gaan; let op, hy wat My oorlewer is hier.”
- 47 Terwyl Hy nog praat, kom Y’hudah, een van die twaalf vanaf die leierpriesters en oudstes van die volk af en saam met hom ’n groot skare met swaarde en stokke.
- 48 Die een wat Hom oorlewer, Y’hudah, het vir hulle ’n teken gegee en gesê: “Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom!”
- 49 Hy roep dadelik na Yeshua en sê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, my Meester” en hy soen Hom,
- 50 maar Yeshua sê vir hom: “Het jy hiervoor gekom, My vriend?” Toe kom hulle nader en slaan die hande aan Yeshua en gryp Hom
- 51 en een wat saam met Yeshua was, het sy hand uitgesteek, sy swaard uitgetrek en hy het die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy oor afgesny.
- 52 Toe sê Yeshua vir hom: “Sit jou swaard in sy plek terug, want almal wat die swaard optel, sal deur die swaard doodgemaak word.
- 53 Of dink jy nie dat Ek die vermoë het om op hierdie oomblik tot My Vader te bid en Hy meer as twaalf legioene van engele tot My beskikking sal stel nie?”
- 54 Hoe sou die voorspellings van die Skrifte dan vervul word dat dit só moet wees?”
- 55 In dieselfde tyd het Yeshua vir die mense gesê: “Het julle soos teen ’n dief uitgekóm met swaarde en stokke om My te vang? Daaglik het Ek langs julle gesit en leer in die tempel en julle het My nie gevang nie,”
- 56 maar dit het alles gebeur sodat die Skrifte van die profete vervul sou word. Toe het al die studentevolgelinge van Hom af weggegaan en gevlug
- 57 en die wat Yeshua gevange geneem het, het Hom weggevat na Kayafa, die hoofpriester, waar die leraars van die wet en die oudstes bymekaar was.
- 58 Shim’on Kefa het Hom van ’n afstand af gevolg tot by die paleis van die hoofpriester en hy het ingegaan en by die wagte gaan sit om die resultaat te sien.
- 59 Die leierpriesters, die oudstes en die hele Joodse Raad het getuienisse teen Yeshua gesoek om Hom dood te maak
- 60 en niks gevind nie. Alhoewel daar baie met onwaar getuienis gekom het, het hulle niks gevind nie. Eindelik kom daar twee
- 61 en sê: “Hierdie man het gesê: ‘Ek is by magte om die tempel van God af te breek en dit in drie dae op te bou’.”
- 62 Die hoofpriester staan op en sê vir Hom: “Het U nie eers een antwoord vir hulle wat teen U getuig nie?”
- 63 Yeshua het egter stilgebly ^{Yes 53:7} en die hoofpriester antwoord en sê vir Hom: “Ek eis ’n eed van U by die Lewende God ^{Lev 5:1} dat U vir ons sê of U dié Gesalfde Een, die Seun van God, is?”
- 64 Yeshua antwoord hom: “U het dit gesê, maar Ek sê vir julle: ‘Van nou af aan, sal julle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van Krag en ook sien kom op die wolke van die hemel’.” ^{Dan 7:13}

65 Toe skeur die hoofpriester sy kleed en sê: “Let op, Hy praat kwaad teen God!

Waarom het ons nog getuies nodig? Julle het Sy kwaadpraat teen God gehoor!

66 Wat dink julle?” Hulle antwoord en sê: “Hy verdien die dood.”

67 Toe het hulle in Sy gesig gespoeg en Hom teen die kop geslaan en ander het Hom geklap

68 en gesê: “Profeteer vir ons, Gesalfde Een! Wie is dit wat U slaan?”

69 Kefa het buite in die binnehof gesit en ’n slavin het na hom toe gekom en gesê: “Jy was ook saam met Yeshua, die Een vanaf die Galila,”

70 maar hy het dit voor almal ontken en gesê: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.”

71 Terwyl hy uitgaan na die stoep toe, sien ’n ander slavin hom en sê aan dié wat daar was: “Hierdie een was ook by Yeshua, van Natzeret.”

72 Met ’n eed ontken hy dit weer: “Ek ken die Man nie.”

73 ’n Rukkie later kom dié wat daar staan en sê vir Kefa: “Waarlik, jy is ook één van hulle, want ook deur jou uitspraak is dit duidelik.”

74 Toe begin hy vloek en sweer: “Ek ken die Man nie.” Dadelik het die haan gekraai

75 en Kefa het die woord van Yeshua onthou wat Hy vir hom gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal ontken” en hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

27 1 Met dagbreek het die Raad al die leierpriesters en die oudstes van die volk bymekaar gekry en teen Yeshua vergader oor hoe om Hom dood te maak

2 en hulle het Hom vasgebind en weggevat en Hom oorgelewer aan Pilatos, die goewerneur.

3 Toe Y’hudah, die een wat Hom oorgelewer het, sien dat Hy veroordeel is, het hy berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die leierpriesters en die oudstes

4 en gesê: “Ek het gesondig deur onskuldige bloed oor te lewer,” maar hulle sê: “Wat gaan dit ons aan wat jy ontdek?”

5 Hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en onttrek, weggegaan en homself opgehang, ^{Hand 1:18,19}

6 maar die leierpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: “Dit is nie reg volgens die wet om dit in die offerande te gooi nie omdat dit geld is wat bloed gekoop het.”

7 Die raad het besluit dat hulle die stuk grond van ’n pottebakker daarmee koop as ’n begraaftaak vir vreemdelinge; ^{Z’kh 11:13}

8 daarom is dié stuk grond Bloedgrond genoem, tot vandag toe. ^{Hand 1:18,19}

9 Toe is vervul wat deur die profeet gesê is: “Ek het dertig silwerstukke gevat van die seuns van Yisra’el; die waarde van die Kosbare Een, waarop hulle ooreengekom het

10 en ek het dit vir hulle gegee vir die grond van die pottebakker, soos מִן מִיְּמִי my bevel het.” ^{Z’kh 11:12, 13}

11 Yeshua het voor die goewerneur gestaan en die goewerneur het Hom gevra en gesê: “Is U die Koning van die Jode?” Yeshua antwoord hom: “U sê dit.” ^{Mar 15:2; Luk 22:70}

12 Terwyl Hy deur die leierpriesters en die oudstes beskuldig word, het Hy niks geantwoord nie. ^{Yes 53:7}

- 13 Toe sê Pilatos vir Hom: “Hoor U nie hoeveel hulle teen U getuig nie?”
- 14 Hy het hom op geen enkele woord geantwoord nie sodat die goewerneur hom baie bewonder het. ^{Yes 53:7}
- 15 By elke fees was die goewerneur gewoond om een gevangene, die mense se keuse, vir hulle vry te laat
- 16 en in daardie tyd het hulle ’n prominente gevangene gehad wat Bar-Abba genoem is.
- 17 Omdat hulle dan byeengekom het, sê Pilatos vir hulle: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat: ‘Bar-Abba of Yeshua, wat genoem word ‘dié Gesalfde Een’?”
- 18 Hy het geweet dat hulle Hom uit afguns oorgelewer het.
- 19 Terwyl hy op die regstoel sit, het sy vrou na hom toe gestuur en gesê: “Moet niks te doen hê met dié Onskuldige Een nie, want ek het vandag in ’n droom baie gely as gevolg van Hom.”
- 20 Die leierpriesters en die oudstes het die skare oortuig dat hulle Bar-Abba moes vra, maar Yeshua vernietig. ^{Mar 15:11; Luk 23:18}
- 21 Die goewerneur antwoord en sê vir hulle: “Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle vrylaat?” Hulle antwoord: “Bar-Abba!”
- 22 Pilatos sê vir hulle: “Wat moet ek dan met Yeshua, wat genoem word ‘dié Gesalfde Een,’ doen?” Hulle sê almal vir hom: “Hang Hom aan ’n kruis!”
- 23 Die goewerneur sê: “Watter boosheid het Hy dan gedoen?” Hulle skreeu egter harder en sê: “Laat Hom gekruisig word!”
- 24 Toe Pilatos besef dat niks help nie, maar eerder ’n oproer veroorsaak word, het hy water gevat en sy hande voor die skare gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie Onskuldige Een; soos julle kan sien”
- 25 en die hele volk antwoord en sê: “Sy bloed is op ons en op ons seuns!”
- 26 Toe laat hy Bar-Abba vir hulle vry, maar Yeshua het hy laat gêsel met swepe en oorgelewer om gekruisig te word.
- 27 Daarop neem die goewerneur se soldate Yeshua met hulle saam in die paleiswag se kwartiere in en bring die hele afdeling soldate rondom Hom bymekaar,
- 28 trek Sy klere uit en gooi ’n skarlaken rooi mantel om Hom.
- 29 Hulle vleg ’n kroon van dorings en sit dit op Sy kop en ’n riet in Sy regterhand en kniel voor Hom en spot Hom en sê: “Wees gegroet, Koning van die Jode”
- 30 en hulle spoeg op Hom en gryp die riet en slaan Hom op Sy kop.
- 31 Nadat hulle Hom gespot het, trek hulle die mantel uit en trek Sy klere vir Hom aan en vat Hom weg om gekruisig te word.
- 32 Terwyl hulle uitgaan, vind hulle ’n man van Kurene, met die naam van Shim’on en dwing hom om Sy kruis te dra
- 33 en hulle het gekom by ’n plek wat Gulgolta genoem word; dit beteken: Plek van die Kopbeen.
- 34 Hulle het vir Hom asyn, met ’n doofmiddel gemeng, gegee om te drink en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie,
- 35 maar toe hulle Hom gekruisig het, het hulle Sy klere verdeel ^{Ps 22:19} deur die lot te werp.
- 36 Hulle het gaan sit om daar oor Hom wag te hou

37 en bokant Sy kop het hulle Sy oortreding neergeskryf: ^{Mar 15:26; Luk 23:38; Yog 19:19}

HY IS YESHUA, DIE KONING VAN DIE JODE.

38 Saam met Hom is twee diewe gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant.

39 Die verbygangers het Hom beledig terwyl hulle hul koppe skud ^{Ps 22:8}

40 en sê: “U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom van die kruis af!”

41 Net so het ook die leierpriesters, saam met die leraars van die wet, die oudstes en die Fariseërs, gespot en gesê:

42 “Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. As Hy die Koning van Yisra’el is, laat Hom nou van die kruis afkom en ons sal in Hom vertrou.”

43 “Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou red as Hy so wil,” ^{Ps 22:9} want Hy het gesê: ‘Ek is die Seun van God’.”

44 Net so ook het die diewe wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.

45 Van die sesde uur (twaalf uur middag) af het daar duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur (drie uur) toe

46 en omtrent die negende uur het Yeshua met ’n harde stem uitgeroep en gesê: “My Magtige God! My Magtige God! (Ar. ‘eil ‘eil) Waarom spaar U my nog (duur dit voort)?” ^{Ps 22:2-32}

47 Sommige van die wat daar staan, hoor dit en sê: “Hy roep vir Eliyahu.”

48 Toe hardloop daar dadelik een van hulle en vat ’n spons, maak dit vol asyn, sit dit op ’n riet en gee vir Hom om te drink, ^{Ps 69:22}

49 maar die ander sê: “Neem dit weg, laat ons sien of Eliyahu kom om Hom te verlos,”

50 maar Yeshua het weer met ’n harde stem uitgeroep en Sy gees het Hom verlaat.

51 Onmiddellik het die gordyn in die tempel in twee geskeur, van bo na onder, die aarde het gebewe, die rotse het oopgebreek,

52 die grafte het oopgegaan en baie liggame van die afgesonderdes, het opgestaan.

53 Hulle het weggegaan van die grafte af en ná Sy opstanding het hulle in die afgesonderde stad ingekom en aan baie verskyn.

54 Toe die hoofman oor ’n honderd en die wat saam met hom by Yeshua waggehou het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: “Waarlik, hierdie is die Seun van God.”

55 Daar was baie vroue wat van ver af gekyk het, wat vir Yeshua van die Galila af gevolg en Hom versorg het.

56 Tussen hulle was daar Miryam van Migdala en Miryam, die moeder van Ya’akov en Yosef en die moeder van die seuns van Zavdai.

57 Toe dit aand geword het, het daar ’n ryk man van Ramatayim gekom met die naam van Yosef, wat self ook ’n studentevolgeling van Yeshua was.

58 Hy het na Pilatos gegaan en die liggaam van Yeshua gevra en Pilatos het beveel dat die liggaam aan hom oorgegee moes word.

59 Yosef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai

60 en dit in sy nuwe graf gesit, wat hy in die rots uitgekap het, ’n groot steen teen die ingang van die graf gerol en weggegaan.

61 Miryam van Migdala en die ander Miryam was daar en hulle het oorkant die graf gesit.

62 Die volgende dag, ná die voorbereiding, gaan die leierpriesters en die Fariseërs saam na Pilatos

63 en sê: “Ons meester, ons onthou dat dié misleier, toe Hy gelewe het, gesê het: ‘Ek sal na drie dae opstaan’.”

64 “Gee dan bevel dat die graf bewaak word tot die derde dag toe dat Sy studentevolgelinge nie miskien in die nag kom, Hom steel en vir die mense sê Hy het opgestaan uit die dood uit nie, want die laaste misleiding sal erger wees as die eerste.”

65 Pilatos sê vir hulle: “Daar is vir julle wagte, gaan bewaak dit volgens wat julle verstaan”

66 en hulle het weggegaan om die graf te bewaak en saam met die wag ’n seël op die steen gesit.

28 1 Teen die aand van die Shabbat, toe die eerste dag van die week begin aanbreek, kom Miryam van Migdala en die ander Miryam om na die graf te kyk.

2 Let op, daar was ’n groot aardbewing, want ’n boodskapper van יהוה het uit die hemel afgekom en die steen van die ingang af weggerol en daarop gaan sit.

3 Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.

4 As gevolg van vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword,

5 maar die boodskapper sê vir die vroue: “Moenie bang wees nie, want ek weet julle soek Yeshua wat gekruisig is.

6 Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan net soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar ons Meester gelê het

7 en gaan vinnig, sê vir Sy studentevolgelinge: ‘Hy het opgestaan uit die dood en gaan voor julle uit na die Galila. Daar sal julle Hom sien.’ Let op, ek het vir julle gesê.”

8 Hulle het dadelik weggegaan van die graf af, bang en met groot blydskap en gehardloop om dit aan Sy studentevolgelinge te vertel.

9 Let op, Yeshua ontmoet hulle en sê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!” Hulle het gekom en Sy voete vasgehou en aan Hom eer betoon.

10 Toe sê Yeshua vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan en vertel vir My broers dat hulle na die Galila moet gaan en daar sal hulle My sien.”

11 Terwyl hulle op pad was, het sommiges van die wag in die stad ingegaan en aan die leierpriesters alles vertel wat gebeur het

12 en hulle het voldoende geld gevat en dit vir die soldate gegee en saam met die oudstes bymekaargekom en vergadering gehou

13 en vir hulle gesê: “Julle moet sê: ‘Sy studentevolgelinge het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was’

14 en as dit aan die goewerneur rapporteer word, sal ons hom tevrede stel, julle moenie bekommerd wees nie.”

15 Hulle het die geld gevat en gedoen soos hulle beveel is en hierdie storie is versprei onder die Jode, tot vandag toe.

- 16 Die elf studentevolgelinge het na die Galila gegaan, na die berg waar Yeshua met hulle afgespreek het
- 17 en toe hulle Hom sien, het hulle neergeval voor Hom om aan Hom eer te betoon, maar sommige het getwyfel.
- 18 Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee ^{1 Kor 15:24-28} en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. ^{Mar 16:15; Luk 24:47}
- 19 Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is
- 20 en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het ^{1 Yog 2:6} en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heeal.
- Dit is waar.”

Die tweede boek van die Nuwe Verbond

Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf
deur Markos.

Markos

מרקוס

{ 'n merk, teken of teiken }
(Markus)

Dit is in Aramees geskryf in die jare 50's.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Die begin van die goeie boodskap van Yeshua, dié Gesalfde Een, die Seun van God,
2 sóos dit geskryf is in Yesha'yahu die Profeet: "Let op, Ek sal My boodskapper voor U Teenwoordigheid uitstuur, om U pad voor te berei."
- 3 'n Stem wat uitroep: "Berei die weg van ^{יהוה} in die wildernis voor en maak Sy paaie reguit!" ^{Yes 40:3; Mat 3:3}
- 4 Yoganan was in die wildernis, besig om te doop en het die doop van berou, erkenning en aflegging verkondig vir die bevryding van sondes.
- 5 Die hele streek van Y'udah en die inwoners van Yerushalayim het uitgegaan na hom toe en hy het almal in die Yardenrivier gedoop, wanneer hulle hul sondes erken en aflê.
- 6 Yoganan was aangetrek met klere van kameelhare en 'n gordel van leer om sy heupe en sy kos was sprinkane en heuning van die veld.
- 7 Hy het verkondig en gesê: "Let op, ná my kom Een wat magtiger is as ek en ek is nie waardig om af te buk en sy sandaal se band los te maak nie.
- 8 Ek het julle in water gedoop, maar Hy sal julle in die Gees wat Afgesonderd is doop."
- 9 Dit was in daardie dae dat Yeshua, van Natzeret in die Galila, gekom het en Hy deur Yoganan in die Yarden gedoop is
- 10 en dadelik, toe Hy opkom uit die water uit, sien hy die hemele skeur en die Gees soos 'n duif op Hom neerdaal ^{Mat 3:16; Luk 3:22}
- 11 en daar was 'n Stem uit die hemel: "Jy is My Seun, wie Ek lief het, waarmee Ek tevrede is."
- 12 Dadelik het die Gees Hom uitgedryf na die wildernis toe.
- 13 Hy was daar in die wildernis vir veertig dae terwyl Hy getoets is deur die teëstander. Hy was saam met die wilde diere en die boodskappers het Hom bedien.
- 14 Nadat Yoganan gevang is, het Yeshua na die Galila gekom en die goeie boodskap van die Koninkryk van God verkondig
- 15 en gesê dat die tyd tot volheid gekom het en dat die Koninkryk van God naby gekom het; draai om na God toe en vertrou in die goeie boodskap.
- 16 Terwyl Hy langs die see van Galila loop, sien Hy vir Shim'on en Andreas, sy broer, besig om 'n net in die see te gooi, want hulle was vissers
- 17 en Yeshua sê vir hulle: "Kom agter My aan en Ek sal julle vissers van mense maak"
- 18 en dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg.
- 19 'n Entjie verder aan, sien Hy vir Ya'akov, die seun van Zavdai en Yoganan, sy broer, asook dié in die boot besig om hulle nette heel te maak
- 20 en Hy het hulle geroep en dadelik het hulle hul vader, Zavdai, saam met die huurlinge laat staan en Hom gevolg.
- 21 Nadat hulle K'far-Nagum binnegekom het, het Hy dadelik, op die Shabbatte, in hulle bymekaarkomplek lering gegee
- 22 en hulle was stomgeslaan oor Sy leer, want Hy het hulle geleer soos Een wat outoriteit het en nie soos hulle leraars van die wet nie.

- 23 Daar was in hulle bymekaarkomplek 'n man met 'n vuil gees in hom en hy het uitgeskree
- 24 en gesê: “Wat wil U van ons hê, Yeshua, Natzerener (vanaf Natzeret)? Het U gekom om ons te vernietig? Ek weet Wie U is: die Afgesonderde Een van God!”
- 25 Yeshua het hom beveel en gesê: “Hou jou mond toe en gaan uit hom uit!”
- 26 Die vuil gees het hom neergegooi en met 'n harde stem geskree en uit hom uitgegaan.
- 27 Almal was verbaas en het dit onder mekaar bespreek en gevra: “Wat is dit? Watse nuwe leringe is dit en dít met outoriteit; Hy beveel selfs die vuil geeste en hulle gehoorsaam Hom?”
- 28 Onmiddellik het die nuus oor Hom versprei in die hele streek van die Galila.
- 29 Hulle het uit die bymekaarkomplek uitgegaan en saam met Ya'akov en Yoganan na die huis van Shim'on en Andreas gegaan.
- 30 Die skoonmoeder van Shim'on het siek gelê met koors en hulle het Hom gesê van haar.
- 31 Hy gaan na haar toe, vat haar hand, lig haar op en dadelik het die koors haar verlaat en sy het hulle bedien.
- 32 In die aand toe die son ondergegaan het, het hulle almal na Hom toe gebring wat siek en deur demone beheer was
- 33 en die hele dorp het by die deur bymekaargekom.
- 34 Hy het baie gesond gemaak wat 'n verskeidenheid siektes gehad het, baie bese geeste uitgedryf en die bese geeste nie toegelaat om te praat nie omdat hulle Hom geken het.
- 35 Baie vroeg in die oggend, het Hy opgestaan en uitgegaan na 'n afgesonderde plek en daar het Hy gebid.
- 36 Shim'on en die wat by hom was, het Hom gesoek
- 37 en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom dat almal na Hom soek
- 38 en Hy sê vir hulle: “Ons gaan na die dorpe en stede naby ons sodat Ek ook daar kan verkondig, want hiervoor het Ek gekom.”
- 39 Hy het in al hulle bymekaarkomplekke gepraat in die hele Galila en demone uitgedryf.
- 40 'n Melaatse kom na Hom toe, val neer by Sy voete en smeeke van Hom en sê vir Hom: “As U wil, is U in staat om my te reinig.”
- 41 Yeshua het vir hom liefdevol omgee en Sy hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: “Ek wil, word gereinig!”
- 42 Op daardie oomblik het die melaatsheid van hom af weggegaan en hy is gereinig
- 43 en Hy het hom ernstig gewaarsku en hom weggestuur
- 44 en vir hom gesê: “Wees versigtig dat jy absoluut niks aan iemand sê nie, maar gaan wys jouself aan die priester en offer wat Mosheh beveel het vir jou reiniging, tot 'n getuienis vir hulle,”
- 45 maar toe hy uitgegaan het, begin hy baie verkondig en verslag doen oor die gebeurtenis sodat Yeshua nie meer openlik in 'n dorp kon ingaan nie, maar Hy was in verlate plekke en hulle het van elke plek af na Hom toe gekom.

- 2 1 Na 'n paar dae het Hy weer in K'far-Nagum ingegaan en toe hulle gehoor het dat Hy in 'n huis was,
2 het baie bymekaargekom sodat daar selfs voor die deur nie meer plek was nie en Hy het met hulle oor die boodskap gepraat.
3 Hulle het 'n verlamde man tussen vier mans gedra en na Hom toe gebring.
4 Omdat hulle weens die skare nie naby Hom kon kom nie, het hulle op die dak geklim en die dakteëls van die plek waar Yeshua was, oopgemaak en die draagbaar, waarop die verlamde lê, laat sak.
5 Toe Yeshua hulle vertrou sien, sê Hy vir die verlamde: "My seun, jou sondes is vir jou vergewe!"
6 Daar was van die leraars van die wet en die Fariseërs wat daar gesit het en in hulle gedagtes gedink het:
7 "Wie is Hy om so boos te praat teen God? Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?"
8 Yeshua het in Sy gees geweet dat hulle hierdie dinge by hulleself dink en Hy sê vir hulle: "Wat redeneer julle oor hierdie dinge in julle gedagtes?
9 Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: 'Jou sondes is vergewe,' of om te sê: 'Staan op, tel jou draagbaar op en loop?'
10 Maar sodat julle kan weet dat die Seun van die mens outoriteit het om op die aarde sondes te vergewe," sê Hy vir die verlamde:
11 "Vir jou sê ek: 'Staan op, tel jou bed op en gaan na jou huis toe'."
12 Hy het in 'n oomblik opgestaan, sy draagbaar opgetel en voor almal se oë uitgegaan sodat almal verbaas was en aan God lof, eer en waarde gebring en gesê het: "So iets het ons nog nooit gesien nie!"
13 Hy het weer uitgegaan na die see toe en al die mense het na Hom toe gekom en Hy het hulle geleer.
14 Toe Hy verbygaan, sien Hy vir Levi, die seun van Halfai, by die plek van belasting-invoering sit en Hy sê vir hom: "Volg My" en hy het opgestaan en Hom gevolg.
15 Dit was terwyl Hy in sy huis aan tafel skuinsgelê het vir ete dat baie belastinggaarders en sondaars gekom en saam met Yeshua en Sy studentevolgelinge aan tafel skuinsgelê het, want daar was baie wat Hom gevolg het.
16 Toe die leraars van die wet en die Fariseërs Hom saam met die belastinggaarders en sondaars sien eet, sê hulle vir Sy studentevolgelinge: "Hoe is dit dat Hy saam met die belastinggaarders en sondaars eet en drink?"
17 Toe Yeshua hulle hoor, sê Hy vir hulle: "Die wat gesond is, het nie 'n behoefte aan die dokter nie, maar die wat siek is, het sieker geword. Ek het nie gekom om die onskuldiges te roep nie, maar sondaars."
18 Die studentevolgelinge van Yoganen en dié van die Fariseërs was besig om te vas en hulle kom en sê vir Hom: "Waarom vas die studentevolgelinge van Yoganen en dié van die Fariseërs, maar U studentevolgelinge vas nie?"
19 Yeshua sê vir hulle: "Kan die lede van die bruidsgroep vas terwyl die Bruidegom by hulle is? Nee,

- 20 maar daar sal dae kom wanneer die Bruidegom van hulle af weggevat word en in daardie dae sal hulle vas.
- 21 Niemand werk 'n nuwe stuk lap op ou klere nie; anders skeur sy nuwe stuk heeltemal van die oue af en daar kom 'n erger skeur
- 22 en niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke laat bars en die wyn uitloop en die sakke vergaan, maar jy gooi nuwe wyn in nuwe sakke.”
- 23 Dit was toe Yeshua op die Shabbat deur die graanland geloop het dat Sy studentevolgelinge geloop en are afgepluk het
- 24 en die Fariseërs sê vir Hom: “Let op, waarom doen hulle op die Shabbat wat nie volgens die wet is nie?”
- 25 Yeshua sê vir hulle: “Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy in 'n groot nood was en hy en die wat by hom was, honger was nie?”
- 26 Hoe hy in die huis van God ingegaan het, toe Aviyatar die hoofpriester was en die brode van die altaar van יהוה geëet het, wat niemand, volgens die wet, behalwe die priesters mag eet nie en ook vir die wat saam met hom was, gegee het?”
- 27 Hy sê vir hulle: “Die Shabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Shabbat nie;
- 28 daarom is die Seun van die mens ook Meester van die Shabbat.”
- 3** 1 Yeshua het weer die bymekaarkomplek ingegaan en daar was 'n sekere man met 'n verdroogde hand
- 2 en hulle het Hom dopgehou sodat as Hy hom op die Shabbat gesond sou maak, hulle Hom kon aankla.
- 3 Hy sê vir die man met die verdroogde hand: “Staan op tussen hulle.”
- 4 Hy sê ook vir hulle: “Is dit reg volgens die wet om op die Shabbat te doen wat goed is of wat sleg is, om 'n lewe te red of te vernietig?” Hulle was egter stil.
- 5 Terwyl Hy beide met woede en hartseer oor die blindheid van hulle verstand rondkyk na hulle, sê Hy vir die man: “Steek jou hand uit!” en hy het dit uitgesteek en sy hand is genees
- 6 en die Fariseërs het dadelik uitgegaan en saam met die Herodiane teen Hom beraadslag, hoe hulle Hom kon vernietig.
- 7 Yeshua het saam met Sy studentevolgelinge na die meer toe gegaan en baie mense het Hom uit die Galila, Y'hudah,
- 8 Yerushalayim, Iduméa en die gebied oorkant die Yarden gevolg en van rondom Tzor en Tzidon het baie mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.
- 9 Hy het vir Sy studentevolgelinge gesê om vir Hom 'n boot te bring vanweë die menigte mense sodat hulle Hom nie kon verdring nie,
- 10 want Hy het baie gesond gemaak totdat hulle Hom toegeval het om aan Hom te raak
- 11 en die wat gepla was deur vuil geeste het, wanneer hulle Hom sien, neergeval en uitgeskreeu en gesê: “U is die Seun van God!”
- 12 Hy het hulle streng bestraf sodat hulle Hom nie openbaar maak nie.

- 13 Hy het by 'n berg opgegaan en die wat Hy wou, na Hom geroep en hulle het na Hom toe gekom.
- 14 Hy het twaalf gekies sodat hulle by Hom kon wees en sodat Hy hulle kon uitstuur om te verkondig
- 15 en dat hulle die outoriteit kon ontvang om siektes te genees en demone uit te dryf.
- 16 Shim'on, vir wie Hy Kefa genoem het,
- 17 Ya'akov, die seun van Zavdai en Yoganan, die broer van Ya'akov; hulle het Hy genoem B'nai-Ragshi, dit is: Seuns van donder.
- 18 Andréas, Filippus, Bar-Talmai, Mattityahu, T'oma, Ya'akov, die seun van (Bar-) Halfai, Taddai, Shim'on die jaloerse
- 19 en Y'udah van K'riot, wat Hom sou verraai. Hulle het in die huis ingegaan
- 20 en weer het 'n menigte mense bymekaargekom sodat hulle nie brood kon eet nie.
- 21 Toe Sy familie dit hoor, gaan hulle uit om beheer oor Hom te neem, want hulle het gesê: "Hy is van Sy verstand af."
- 22 Die leraars van die wet, wat van Yerushalayim af gekom het, het gesê: "Hy het Ba'al-Z'vuv in Hom," en: "Deur die heerser van die demone dryf Hy die demone uit."
- 23 Yeshua het hulle geroep en vir hulle deur vergelykende stories gesê: "Hoe is die teëstander in staat om die teëstander uit te dryf?"
- 24 As 'n koninkryk teen homself verdeeld is, is dit nie moontlik vir daardie koninkryk om staande te bly nie
- 25 en as 'n huis teen homself verdeeld is, is dit nie moontlik vir daardie huis om staande te bly nie
- 26 en as hy wat die teëstander is teen homself opstaan en verdeeld is, is dit nie moontlik vir hom om staande te bly nie, maar dit sal sy einde wees.
- 27 Niemand kan in die huis van 'n sterk man ingaan en sy waardevolle besittings roof as hy nie eers die sterk man vasbind nie en dan kan hy sy huis beroof.
- 28 Waarlik, Ek sê vir julle dat alle sondes die seuns van die mens vergewe word,
Mat 12:31,32
- 29 maar wie ook al teen die Gees wat Afgesonderd is kwaad gepraat het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig tot 'n ewige oordeel"
- 30 omdat hulle gesê het: "Hy het 'n onrein gees in Hom."
- 31 Sy broers en Sy moeder het gekom en buite gestaan en iemand gestuur om Hom na hulle toe te roep
- 32 en 'n menigte mense het rondom Hom gesit en hulle sê vir Hom: "U moeder en U broers is buite en soek na U."
- 33 Hy antwoord en sê vir hulle: "Wie is My moeder en wie is My broers?"
- 34 Hy het gekyk na dié wat rondom Hom sit en gesê: "Let op, My moeder en let op, My broers,
- 35 want wie ook al die wil van God doen, is My broer, My suster en My moeder!"

- 4 1 Hy het weer langs die meer begin leer en 'n groot menigte mense het by Hom bymekaargekom sodat Hyself in 'n boot op die meer gaan sit het en al die mense het op die strand gestaan.
- 2 Hy het hulle baie deur vergelykende stories geleer en vir hulle in Sy leringe gesê:
- 3 “Luister en doen: 'n saaier het uitgegaan om te saai
- 4 en terwyl hy saai, het sommige langs die pad geval en 'n voël het gekom en dit geëet,
- 5 maar ander saad het op die rots geval waar nie baie grond was nie en dit het vinnig ontkiem omdat dit geen diep grond gehad het nie,
- 6 maar toe die son opkom, is dit verskroei en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit opgedroog.
- 7 Ander het tussen die dorings geval en die dorings het opgekom en dit versmoor en dit het geen vrug gedra nie.
- 8 Ander het in die goeie grond geval en dit het opgekom en gegroei en vrug gedra: een dertig-, een sestig- en een honderdvoudig.”
- 9 Hy sê vir hulle: “Wie ore het wat hoor, laat hom luister.”
- 10 Toe Hy egter alleen was, het die wat saam met die twaalf, naby Hom was, Hom aangaande die vergelykende storie gevra
- 11 en Yeshua sê vir hulle: “Aan julle is dit gegee om die geheime van die Koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, is alles in vergelykende stories
- 12 sodat hulle ^{Yes 6:9-10} herhaaldelik kyk en nie sien nie en herhaaldelik hoor en nie verstaan nie; in plaas van dat hulle omdraai na God toe en die sondes hulle vergewe word.”
- 13 Hy sê vir hulle: “Verstaan julle nie hiërdie vergelykende storie nie en hoe sal julle dan enige vergelykende storie kan verstaan?
- 14 Die saaier wat saai, saai die boodskap
- 15 en hulle wat langs die pad is, is dié waar die boodskap gesaai word, maar sodra hulle dit gehoor het, kom die teëstander dadelik en neem die boodskap weg wat in hulle verstand gesaai is.
- 16 Die wat op rotsagtige plekke gesaai word, is hulle wat, as hulle die boodskap hoor, dit dadelik met vreugde aanneem,
- 17 maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir 'n tyd en wanneer daar druk of vervolging kom ter wille van die boodskap, gee hulle aanstoot.
- 18 Die wat tussen die dorings gesaai word; dit is hulle wat die boodskap hoor
- 19 en die belange van hierdie wêreld, die misleiding van rykdom en al die ander begeertes wat inkom, versmoor die boodskap en dit word onvrugbaar.
- 20 Hulle wat op die goeie grond gesaai is, is hulle wat die boodskap hoor, aanvaar en vrugte dra: een dertig-, een sestig- en een honderdvoudig.”
- 21 Hy sê vir hulle: “Iemand bring nie 'n lamp om dit onder die maatemmer of onder die bed te sit nie. Moet dit nie op die lampstaander gesit word nie?
- 22 Daar is niks weggesteek wat nie openbaar sal word nie en daar is niks geheim wat nie uitgevind sal word nie.
- 23 As iemand ore het sodat hy kan hoor, laat hom luister.”

- 24 Hy het ook vir hulle gesê: “Oorweeg dit wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal bygevoeg word, vir julle wat hoor,
25 want wie het, vir hom sal gegee word en wie nie het nie, van hom sal weggevat word, ook wat hy het.”
- 26 Hy het ook gesê: “Die Koninkryk van God is net soos ’n mens wat saad oor die grond gooi
27 en hy gaan slaap en staan op, nag en dag en die saad ontkiem en word groot, wanneer hy nie bewus is daarvan nie.
- 28 Vanself bring die aarde vrug voort, eers ’n halm, dan ’n aar, dan die volle koring in die aar,
29 maar wanneer die vrug gereed is, steek hy die sekel dadelik in omdat die oes daar is.”
- 30 Hy het ook gesê: “Waarmee kan ons die Koninkryk van God vergelyk? Met watter soort vergelykende storie moet ons dit voorstel?
- 31 Dit is soos ’n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die graansaad op die aarde
32 en wanneer dit gesaai is, groei dit en word groter as al die kruie en vorm groot takke sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.”
- 33 Yeshua het met vergelykende stories soos hierdie met hulle gepraat, volgens wat hulle kon verstaan
- 34 en sonder vergelykende stories het Hy nie met hulle gepraat nie, maar afsonderlik het Hy alles vir Sy studentevolgelinge verduidelik.
- 35 Op daardie dag, toe dit aand geword het, het Hy vir hulle gesê: “Laat ons oorvaar na die ander kant toe.”
- 36 Hulle het die skare verlaat en Hom, in die boot waarin Hy was, gevat en daar was ander bote saam met hulle.
- 37 Daar was ’n groot storm en die golwe en wind het in die boot in geslaan en dit was naby aan vol.
- 38 Yeshua was agter in die skuit aan die slaap op ’n kussing en hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: “Ons Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?”
- 39 Hy het opgestaan, die wind bestraf en vir die see gesê: “Wees stil!” Die wind het gaan lê en daar het ’n groot kalmte gekom. ^{Yes 51:15}
- 40 Hy sê vir hulle: “Waarom is julle so vreesagtig? Waarom is daar nie vertroue in julle nie?”
- 41 Hulle was bang, met ’n groot vrees en het vir mekaar gevra: “Wie is Hy, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”
- 5** 1 Hulle het aan die oorkant van die meer, in die streek van die Gadaréners, gekom
2 en toe Hy uit die boot uitklim, kom daar uit die grafte ’n man met ’n onrein gees Hom tegemoet.
3 Hy het tussen die grafte gebly en niemand kon hom met kettings vasbind nie,
4 want wanneer hy ook al met voetboeie en kettings vasgebind is, het hy die kettings gebreek en die voetboeie afgesny en niemand kon hom tot bedaring bring nie

- 5 en sonder ophou, nag en dag, het hy in die heuwels en in die grafte aangehou om te skree en homself met 'n klip te sny.
- 6 Toe hy Yeshua van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer
- 7 en skree met 'n harde stem en sê: "Wat het U met my te doen, Yeshua, Seun van die Allerhoogste God (Ha'Elyon). Ek smee U by God dat U my nie sal martel nie,"
- 8 want Hy het vir hom gesê: "Onrein gees, gaan uit die man uit!"
- 9 Hy vra vir hom: "Wat is jou karakter en outoriteit?" en hy antwoord en sê: "Legioen is ons naam (karakter en outoriteit), want ons is baie"
- 10 en hulle het Hom baie gesmeek om hulle nie uit die streek uit weg te stuur nie.
- 11 Naby die berg was daar 'n groot trop varke aan die wei
- 12 en al die bese geeste het Hom gesmeek en gesê: "Stuur ons na die varke sodat ons in hulle kan ingaan."
- 13 Hy het hulle toegelaat en die vuil geeste het uitgegaan, in die varke ingegaan en die trop het na 'n krans gehardloop en in die see geval en omtrent twee duisend het in die see verdrink.
- 14 Die oppassers van die varke het gevlug en dit in die stad en omgewing gerapporteer en hulle het uitgekóm om te sien wat gebeur het.
- 15 Hulle kom by Yeshua en sien die een in wie Legio was, wat deur die bese geeste beheer was, sit - aangetrek, nugter en ordentlik en hulle was bang.
- 16 Die wat dit gesien het, gee toe verslag oor wat gebeur het met die een wat deur die bese gees beheer is en ook met die varke
- 17 en hulle het Hom begin vra om weg te gaan van hulle kus af.
- 18 Nadat Hy in die boot geklim het, het die man, wat deur die bese geeste beheer was, Hom gevra om by Hom te bly,
- 19 maar Yeshua het hom nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: "Gaan na jou huis en jou mense toe en maak aan hulle bekend alles wat יהוה vir jou gedoen het en dat Hy liefdevol omgee het vir jou."
- 20 Hy het weggegaan en in die gebied van die tien stede begin verkondig watter groot dinge Yeshua vir hom gedoen het en almal was verwonderd.
- 21 Nadat Yeshua in die boot oorgevaar het na die ander kant toe, het baie mense by Hom bymekaargekom terwyl Hy langs die see was
- 22 en daar kom een van die hoofde van die bymekaarkomplek, met die naam van Ya'ir, na hom toe en toe hy Hom sien, val hy voor Sy voete neer
- 23 en smee dringend van Hom en sê: "My dogter is op die punt om te sterf; kom lê U hand op haar en sy sal gesond word en lewe."
- 24 Yeshua het saam met hom gegaan en 'n groot klomp mense het Hom gevolg en om Hom gedruk van alle kante af.
- 25 Daar was 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het,
- 26 wat baie onder baie geneesheres gely het, al haar besittings uitgegee het en niks het gehelp nie, maar dit het, intendeel, erger geword.
- 27 Toe sy van Yeshua gehoor het, het sy tussen die druk van die skare van agter af gekom en Sy bo-kleed aangeraak,
- 28 want sy het gesê: "As ek Sy klere kan aanraak, sal ek lewe."

- 29 Dadelik het die bron van haar bloed opgedroog en sy het aan haar liggaam geweet dat sy van haar siekte genees is.
- 30 Dadelik het Yeshua in Homself geweet dat krag van Hom af uitgegaan het en Hy draai Hom om tussen die skare en sê: "Wie het my klere aangeraak?"
- 31 Sy studentevolgelinge antwoord Hom: "U sien dat die skare U van alle kante af druk en U sê: 'Wie het My aangeraak'?"
- 32 Hy het rondgekyk om te sien wie dit gedoen het,
- 33 maar die vrou, wat bang was en gebewe het omdat sy geweet het wat met haar gebeur het, kom en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid.
- 34 Hy sê vir haar: "My dogter, jou vertrouë het aan jou lewe gegee. Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en wees genees van jou siekte."
- 35 Terwyl Hy nog praat, kom daar mense van die hoof van die bymekaarkomplek se huis en sê: "U dogter is dood. Waarom val u die Leermeester nog lastig?"
- 36 Yeshua het die woorde gehoor wat hulle gesê het en Hy sê vir die hoof van die bymekaarkomplek: "Moenie vrees nie; hou net aan vertrou."
- 37 Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Shim'on Kefa, Ya'akov en Yoganan, die broer van Ya'akov.
- 38 Hulle kom by die huis van die hoof van die bymekaarkomplek en sien die wat omgekrap was, huil en weeklaag.
- 39 Hy het ingegaan en vir hulle gesê: "Waaroor is julle omgekrap en huil julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap."
- 40 Hulle het vir Hom gelag, maar Hy het almal uitgejaag en die vader van die kind, die moeder en die wat by Hom was, saamgevat en ingegaan na waar die meisie lê.
- 41 Hy vat die meisie aan haar hand en sê vir haar: "Jong meisie, staan op!"
- 42 Dadelik het die jong meisie opgestaan en rondgeloop, want sy was 'n dogter van twaalf jaar oud en hulle was verstom met groot verbasing.
- 43 Hy het hulle streng beveel dat hulle niemand daarvan vertel nie en vir hulle gesê om vir haar iets te gee om te eet.
- 6** 1 Hy het daarvandaan weggegaan en in die dorp gekom en Sy studentevolgelinge het by Hom gebly.
- 2 Toe dit Shabbat word, begin Hy om in die bymekaarkomplek te leer en baie wat Hom gehoor het, was verwonderd en sê: "Waar kry Hy hierdie dinge en watter wysheid is aan Hom gegee dat sulke wonderwerke deur Sy hande gedoen kan word?"
- 3 Is Hy nie net die skrynwerker, die seun van Miryam, die broer van Ya'akov, Yosi, Y'hudah en Shim'on nie en is sy susters nie hier tussen ons nie?" Hulle was agterdogtig oor Hom.
- 4 Yeshua sê vir hulle: "Daar is nie 'n profeet sonder eer nie, behalwe in sy tuisdorp, by sy familie en in sy huis."
- 5 Hy kon geen kragtige dade daar doen nie, behalwe om 'n paar siekes die hande op te lê en hulle gesond te maak
- 6 en Hy was verstom oor hulle gebrek aan vertrouë en het na die dorpie rondom gegaan en geleer.

- 7 Hy het die twaalf geroep en begin om hulle twee-twee uit te stuur en hulle outoriteit gegee oor vuil geeste: om hulle uit te dryf
- 8 en Hy het hulle beveel om niks op die pad saam te vat nie behalwe miskien net 'n staf; geen sak, geen brood en geen koper in hulle beursie nie,
- 9 maar hulle moet sandale aan hulle voete trek en nie twee kledingstukke aantrek nie.
- 10 Hy het ook vir hulle gesê: "In watter huis julle ook al mag ingaan, bly dáár totdat julle daarvandaan vertrek
- 11 en almal wat julle nie ontvang of selfs nie na julle luister nie, wanneer julle weggaan van daardie plek af, skud die stof onder julle voete af, tot 'n getuienis teen hulle. Dit is waar, Ek sê vir julle, dit sal vir S'dom en vir 'Amorah meer uithoudbaar wees in die dag van oordeel as vir daardie dorp."
- 12 Hulle het uitgegaan en verkondig dat mense moet omdraai van hulle sondes na God toe
- 13 en hulle het baie bese geeste uitgedryf, baie siekes met olie gesalf en hulle genees.
- 14 Die koning, Herodes, het van Yeshua gehoor, want Sy Karakter en Outoriteit het bekend geword en hy het gesê: "Hy is Yoganan, die Doper, wat uit die dood uit opgestaan het; daarom werk dié kragte in Hom."
- 15 Ander het gesê: "Hy is Eliyahu;" en nog ander het gesê: "Hy is 'n profeet, net soos een van die profete,"
- 16 maar toe Herodes dit hoor, sê hy: "Yoganan wat ek onthoof het, dit is hy wat uit die dood uit opgestaan het,"
- 17 want Herodes self het gestuur en Yoganan gevang en hom in die tronk vasgebind, deur toedoen van Herodias, die vrou van Filippos, sy broer omdat hy met haar getrou het,
- 18 want Yoganan het aan Herodes gesê dat dit nie reg is volgens die wet om sy broer se vrou te vat nie. ^{Lev 20:21}
- 19 Herodias het hom gedreig en wou hom doodmaak en sy kon nie,
- 20 want Herodes was bang vir Yoganan omdat hy gesien het dat hy 'n onskuldige en afgesonderde man was en hy het hom beskerm en baie dinge van hom gehoor en vir hom gedoen. Hy het graag na hom geluister.
- 21 Op 'n geskikte dag, toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy edelmanne, die kapteins en die leiers van die Galila, 'n feesmaal gehou het
- 22 en die dogter van dieselfde Herodias ingekom en gedans het en sy Herodes en die wat saam aan tafel was, plesier het, het die koning vir die meisie gesê: "Vra my net wat jy wil en ek sal dit vir jou gee."
- 23 Hy het vir haar met 'n eed belowe: "Net wat jy my vra, sal ek jou gee, tot en met die helfte van my koninkryk."
- 24 Toe gaan sy uit en sê vir haar moeder: "Wat sal ek vir hom vra?" Sy sê: "Die kop van Yoganan, die Doper."
- 25 Dadelik haas sy haar in na die koning toe en vra hom en sê: "Ek wil hê dat u dadelik vir my die kop van Yoganan, die Doper, op 'n bord sal gee."

- 26 Die koning was intens bedroef, maar as gevolg van die eed en die wat saam aan tafel was, het hy gekies om haar nie te weier nie
- 27 en die koning stuur dadelik die laksman met die opdrag om sy kop te bring. Hy het gegaan en hom in die tronk onthoof
- 28 en sy kop op 'n bord gebring en dit aan die meisie gegee en die meisie het dit aan haar moeder gegee.
- 29 Toe sy studentevolgelinge dit hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en dit in 'n graf gesit.
- 30 Die wat uitgestuur is, het by Yeshua saamgekom en aan Hom alles wat hulle gedoen het, vertel en alles wat hulle aan ander geleer het
- 31 en Hy sê vir hulle: "Kom julle, ons sal alleen na die platteland toe gaan dat julle kan rus," want daar was baie wat kom en gaan en hulle het selfs geen geleentheid gehad om te eet nie.
- 32 Hulle het alleen met die boot na 'n verlate plek gegaan
- 33 en die menigte mense het hulle sien weggaan en baie het Hom herken en te voet van al die stede af aangehardloop voor Hom uit na daardie plek toe.
- 34 Yeshua het uitgeklim, die baie mense gesien en vir hulle omgee omdat hulle soos skape sonder 'n herder was en Hy het begin om hulle baie dinge te leer. ^{Yeg 34:2,8-10; Mat 9:36}
- 35 Toe dit laat geword het, het Sy studentevolgelinge na Hom toe gekom en vir Hom gesê: "Die plek is verlate en dit is reeds laat.
- 36 Stuur hulle weg sodat hulle na die mark en dorpe rondom kan gaan om brood vir hulleself te koop, want daar is niks vir hulle om te eet nie,"
- 37 maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet." Hulle sê vir Hom: "Moet ons gaan en vir twee honderd denarii brood koop en vir hulle gee om te eet?"
- 38 Hy sê vir hulle: "Gaan kyk hoeveel brode julle hier het." Toe hulle gaan kyk het, kom hulle en sê: "Vyf brode en twee visse."
- 39 Hy het hulle beveel om almal op die gras te laat sit
- 40 en hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig.
- 41 Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel, seën en breek die brode en gee dit aan Sy studentevolgelinge om dit voor te sit en Hy het ook die twee visse onder almal verdeel.
- 42 Almal het geëet en was versadig
- 43 en hulle het twaalf mandjies vol van die afgebreekte stukkies en vis opgetel.
- 44 Hulle wat van die brood geëet het, was ongeveer vyf duisend mans.
- 45 Dadelik het Hy Sy studentevolgelinge in die boot laat klim en hulle vooruit laat vaar na die oorkant, na Beit-Tzaidah terwyl Hy die mense wegstuur.
- 46 Nadat Hy hulle weggestuur het, het Hy in die heuwels ingegaan om te bid.
- 47 Teen die aand, was die boot in die middel van die see en Hy alleen op die land.
- 48 Hy het gesien dat hulle swaar roei, want die wind was teen hulle en omtrent die vierde wagbeurt het Hy al lopend op die see na hulle toe gekom en wou by hulle verbygaan.
- 49 Hulle het Hom op die water sien loop en het gedink dat Hy 'n vals verskynsel was en hulle het uitgeroep,

- 50 want hulle het Hom almal gesien en was bang. Dadelik praat Hy met hulle en sê vir hulle: “Wees bemoedig, Ek is onveranderlik dieselfde, moenie bang wees nie.”
- 51 Hy het nader gekom en by hulle in die skuit geklim, die wind het gaan lê en hulle was in hulleself uitermate verbaas en verwonderd,
- 52 want hulle het Hom nie herken na die brood nie omdat hulle verstand verhard was.
- 53 Nadat hulle oorgevaar het na die anderkant toe, het hulle by die land van Ginosar gekom.
- 54 Toe hulle uit die boot klim, het die mense van die plek Hom dadelik herken
- 55 en in daardie hele streek het hulle rondgehardloop en die wat siek was op beddens begin dra na die plek waar hulle gehoor het dat Hy is.
- 56 Waar Hy ook al ingegaan het in dorpe of stede, het hulle die wat siek was, op die strate neergesit en Hom gesmeek om, al was dit maar die bloulyn-soomtossel van Sy kleed, aan te raak en almal wat Hom aangeraak het, het gesond geword.
- 7** 1 Die Fariseërs en leraars van die wet, wat van Yerushalayim af gekom het, het by Hom bymekaargekom
- 2 en gesien dat sommige van Sy studentevolginge met seremonieel ongewaste hande brood eet en daarmee fout gevind,
- 3 want die Fariseërs en almal van Y’udah eet nie as hulle nie hulle hande seremonieel gewas het nie omdat hulle vashou aan die tradisie van die oudstes.
- 4 Wanneer hulle van die markplein af kom, eet hulle nie as hulle nie seremonieel gewas het nie en daar is baie ander dinge wat hulle vir hulleself aangeneem het om te onderhou: die seremoniële was van bekiers, potte, koperware en beddens.
- 5 Die Fariseërs en die leraars van die wet vra vir Hom: “Waarom leef U studentevolginge nie volgens die tradisies van die oudstes nie, maar eet brood met ongewaste hande?”
- 6 Hy antwoord en sê vir hulle: “Yesha’yahu het reg geprofeteer oor julle, toneelspelers van ’n vals karakter, soos geskrywe is: ‘Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle gedagtes en wil is ver van My af
- 7 en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is,’ ^{Yes 29:13; Tit 1:16}
- 8 want julle verwerp die opdragte van God, maar behou die tradisies van mense: die seremoniële was van potte en bekiers en baie ander dinge, dit doen julle.”
- 9 Hy sê vir hulle: “Julle verwerp wel die opdragte van God om sodoende julle tradisies te bevestig,
- 10 want Moshéh het gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ ^{Eks 20:12; Deut 5:16} en: ‘Hy wat sleg praat van vader of moeder,’ ^{Eks 21:17; Lev 20:9} moet die dood sterf,’
- 11 maar julle sê: ‘As ’n mens aan vader of moeder sê: Wat ek vir u tot voordeel kon gee, is my offergawe,’
- 12 dan laat julle hom niks meer doen vir sy vader of sy moeder nie.
- 13 Julle onteer die boodskap van God ter wille van die tradisies wat julle begin het en julle doen baie soortgelyke dinge.”
- 14 Yeshua het na die hele menigte mense geroep en vir hulle gesê: “Luister almal na My en verstaan:

- 15 daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat die vermoë het om hom onrein te maak nie, maar dit wat uit hom uitgaan, dít is wat die mens onrein maak.
- 16 Wie ook al 'n oor het wat kan hoor, laat hom hoor!”
- 17 Toe Hy in die huis ingegaan het, weg van die skare af, vra Sy studentevolgelinge Hom oor daardie vergelykende storie
- 18 en Hy sê vir hulle: “Is julle net so sonder begrip. Weet julle nie dat niks, wat van buite af in die mens ingaan, hom onrein kan maak nie
- 19 omdat dit nie ingaan in sy verstand nie, maar in die maag en uitgewerp word, wat alle kos skoon maak?
- 20 Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein,
- 21 want uit die binneste, uit die verstand, wil en emosie van die mens, kom die bese gedagtes: egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, moord,
- 22 gierigheid, boosheid, misleiding, onbeheerbaarheid, 'n bese oog (suinigheid), lastering, trots en doellose dinge.
- 23 Al hierdie booshede kom uit die binneste en maak die mens onrein.”
- 24 Yeshua het van daar af opgestaan en gekom by die gebied van Tzor en Tzidon en Hy het in 'n huis ingegaan sodat niemand dit sou weet nie, maar dit was onmoontlik om ongesiens te bly,
- 25 want 'n sekere vrou, wie se dogter 'n onrein gees gehad het, het dadelik van Hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval.
- 26 Sy was egter 'n nie-Joodse vrou, gebore in Siro-Fenisië en sy het Hom gesmeek om die demoon uit haar dogter uit te dryf.
- 27 Yeshua sê vir haar: “Laat eers die seuns versadig word, want dit is nie reg om die seuns se brood weg te vat en dit vir die honde te gooi nie.”
- 28 Sy antwoord en sê vir Hom: “Ja, my Meester, selfs die honde eet onder die tafel van die seuns se krummels.”
- 29 Yeshua sê vir haar: “Gaan, as gevolg van hierdie woord het die demoon uit jou dogter uitgegaan.”
- 30 Sy het huis toe gegaan, haar dogter het op die bed gelê en die demoon was uit haar uitgedryf.
- 31 Yeshua het weer uit die gebied van Tzor en Tzidon vertrek en by die see van Galila gekom, by die gebied van die tien stede.
- 32 Hulle bring 'n sekere doofstomme na Hom toe en smee Hom om hom die hande op te lê
- 33 en Hy vat hom alleen eenkant toe, weg van die menigte mense af en steek Sy vingers in sy ore en spoeg en raak sy tong aan
- 34 en Hy kyk op na die hemel, sug en sê vir hom: “Wees oop!”
- 35 Dadelik het sy gehoor oorgegaan en die band van sy tong af losgebreek en hy het duidelik gepraat.
- 36 Hy het hulle gewaarsku om dit aan niemand te sê nie, maar hoe meer Hy hulle waarsku, hoe meer het hulle dit verkondig.
- 37 Hulle was uitermate verbaas en het gesê: “Alles wat Hy doen is goed: Hy laat die dowe hoor en die stommes praat.

- 8 1 In daardie dae, toe daar baie mense was en hulle niks gehad het om te eet nie, het Yeshua Sy studentevolgelinge geroep en vir hulle gesê:
- 2 “Ek gee om vir hierdie mense, want hulle bly al drie dae by My en het niks om te eet nie
- 3 en as Ek hulle, sonder om te eet, huis toe stuur, sal hulle op die pad flou word, want sommige van hulle kom van ver af.”
- 4 Sy studentevolgelinge antwoord Hom: “Waarvandaan is dit moontlik vir ’n mens om hulle in hierdie verlate plek te kan versadig met brood?”
- 5 Hy vra vir hulle: “Hoeveel brode het julle?” Hulle sê: “Sewe.”
- 6 Hy gee aan die skare mense bevel om op die grond te gaan sit, neem die sewe brode en nadat Hy dit geseën het, breek Hy dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge om dit te bedien en hulle het die menigte mense bedien.
- 7 Hulle het ook ’n paar klein vissies gehad en nadat Hy hulle ook geseën het, sê Hy dat hulle dit ook moet bedien.
- 8 Hulle het geëet tot versadiging en die stukkies wat oorgebly het opgetel; sewe mandjies vol. 2 Kon 4:43,44; Mat 14:14-21; 15:32-39
- 9 Die mans wat geëet het, was vier duisend
- 10 en Hy het hulle weggestuur. Dadelik het Hy saam met Sy studentevolgelinge in die boot geklim en na die Dalmanuta streek gegaan.
- 11 Die Fariseërs het uitgegaan en Hom uitgevra en van Hom ’n teken uit die hemel gevra om Hom te toets.
- 12 Hy sug swaar in Sy Gees en sê: “Waarom begeer hierdie geslag ’n teken? Dit is waar, Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie.”
- 13 Hy het van hulle af weggegaan, in die boot geklim en na die oorkant toe gegaan
- 14 en hulle het vergeet om brood saam te vat en het nie meer as een brood by hulle in die boot gehad nie.
- 15 Hy het hulle beveel en vir hulle gesê: “Let op en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes.”
- 16 Toe bespreek hulle onder mekaar en sê: “Dit is omdat ons nie brood het nie.”
- 17 Yeshua het geweet en Hy sê vir hulle: “Waarom bespreek julle dit dat julle nie brood het nie? Begryp of verstaan julle nog steeds nie? Is julle verstand nog hard?
- 18 Het julle oë en sien julle nie? Het julle ore en hoor julle nie? Onthou julle nie?
- 19 Toe Ek die vyf brode vir die vyf duisend gegee het; hoeveel mandjies vol stukke het julle opgetel nadat hulle versadig was?” Hulle sê vir Hom: “Twaalf.”
- 20 “En die sewe vir die vier duisend; hoeveel mandjies vol stukke het julle opgetel nadat hulle versadig is?” Hulle sê: “Sewe.”
- 21 Hy sê vir hulle: “Hoe is dit dat julle tot nou toe nie verstaan nie?”
- 22 Hy het in Beit-Tzaidah gekom en hulle het ’n blinde man na Hom toe gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak.
- 23 Hy vat die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp. Hy spoeg in sy oë en lê hom die hande op en vra vir hom wat hy sien.
- 24 Hy kyk en sê: “Ek sien die mense soos bome wat loop.”
- 25 Hy lê weer Sy hand op sy oë en hy is genees en het alles duidelik gesien.

- 26 Hy het hom na sy huis toe gestuur en gesê: “Moenie in die dorp ingaan of dit aan iemand in die dorp vertel nie.”
- 27 Yeshua en Sy studentevolgelinge het uitgegaan na die dorpe van Kaisareia-Filippei en op die pad vra Hy Sy studentevolgelinge en sê vir hulle: “Wat sê die mense van My; Wie Ek is?”
- 28 “Sommige sê Yoganan, die Doper en ander: Eliyahu, maar ander: Een van die profete.”
- 29 Yeshua sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?” Shim’on antwoord en sê vir Hom: “U is dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”
- 30 Hy het hulle verbied om enige iemand van Hom te vertel.
- 31 Hy het hulle begin leer dat die Seun van die mens voorbereid is om baie dinge te ly en verwerp te word deur die oudstes, leierpriesters en leraars van die wet en doorgemaak sal word en ná drie dae opstaan.
- 32 Hierdie boodskap het Hy openlik en duidelik gebring en Kefa het Hom eenkant gevat en Hom begin aanspreek,
- 33 maar Hy het Hom omgedraai en terwyl Hy Sy studentevolgelinge aankyk, het Hy Kefa bestraf en gesê: “Gaan weg agter My, teëstander, want jy bedink nie die dinge van God nie, maar dié van mense!”
- 34 Yeshua roep die skare mense saam met Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir hulle: “Wie ook al agter My aan wil kom, moet homself misken en sy kruis opneem en My volg.
- 35 Elkeen wat besluit om sy lewe te red, sal dit verloor, maar hy wat sy lewe om My en om die goeie boodskap se ontwil verloor, hy sal dit red,” ^{Luk 14:26,27}
- 36 want wat se voordeel is dit vir ’n mens as hy die hele wêreld ontvang en sy gees skade ly?
- 37 Of wat sal ’n mens gee in ruil vir sy lewe?
- 38 Elkeen wat hom vir My en My boodskappe skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom net so ook skaam wanneer Hy kom in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, saam met Sy afgesonderde engele.” ^{Yir 1:17}
- 9** 1 Hy sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, daar is sommige van dié wat hier staan, wat nie die dood sal smaak voordat hulle die Koninkryk van God met kragtige werke sien kom het nie.” ^{Efe 1:20; Kol 1:13}
- 2 Ná ses dae het Yeshua net vir Kefa, Ya’akov en Yoganan saamgevat, op teen ’n hoë berg, in afsondering en Hy het voor hulle van gedaante verander.
- 3 Sy klere het stralend, wit soos sneeu, geword, witter as wat enige een op aarde dit kan bleik.
- 4 Eliyahu en Moshéh het aan hulle verskyn terwyl hulle met Yeshua gepraat het.
- 5 Kefa sê vir Hom: “My Meester, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie tente maak: een vir U en een vir Moshéh en een vir Eliyahu,”
- 6 maar hy het nie geweet wat hy sê nie, want hulle was in vrees.
- 7 Daar was ’n wolk wat hulle omvou het en uit die wolk kom ’n Stem wat sê: “Dit is My Seun wat Ek lief het, luister na Hom!”

- 8 Die studentevolgelinge kyk op van die stilte daarna en sien niemand by hulle nie, behalwe net Yeshua.
- 9 Terwyl hulle van die berg afklim, beveel Hy hulle om aan niemand te vertel wat hulle gesien het voordat die Seun van die mens opgestaan het uit die dood uit, nie.
- 10 Hulle het die boodskap vir hulleself gehou en onder mekaar bespreek wat die stelling 'opstaan uit die dood uit' is.
- 11 Hulle vra Hom en sê: "Waarom sê die leraars van die wet dat Eliyahu eers moet kom?"
- 12 Hy antwoord en sê vir hulle: "Eliyahu kom inderdaad eers om alles te herstel en net so staan daar van die Seun van die mens geskrywe dat Hy baie moet ly en verwerp word.
- 13 Ek sê vir julle dat Eliyahu ook reeds gekom het en hulle het aan hom gedoen soveel as wat hulle wou, soos van hom geskrywe is." Mat 11:14; 17:12; Luk 1:17
- 14 Toe Hy by die studentevolgelinge kom, sien Hy baie mense om hulle en leraars van die wet wat met hulle debatteer.
- 15 Dadelik, toe al die mense Hom sien, het hulle na Hom toe gehardloop en hulle was verwonderd en het Hom vrede toegewens.
- 16 Hy vra vir die leraars van die wet: "Wat debatteer julle met hulle?"
- 17 Een uit die skare mense antwoord en sê: "Meester, ek het my seun, wat 'n stom gees het, na U gebring
- 18 en wanneer dit oor hom kom, gooi die gees hom neer en slaan hom; hy kners op sy tande en word swakker en ek het U studentevolgelinge gevra om hom uit te dryf en hulle kon nie."
- 19 Yeshua antwoord en sê vir hom: "O geslag sonder vertroue, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank moet Ek uithou met julle? Bring hom na My toe."
- 20 Hulle bring hom na Hom toe en dadelik, toe hy Hom sien, gooi die gees hom dat hy op die grond val en rond wriemel met skuim in die mond.
- 21 Yeshua vra vir sy vader: "Hoe lank is dit al dat dit met hom gebeur?" Hy antwoord: "Van sy kinderdae af
- 22 en baie keer het hy hom in die vuur en in die water gegooi om hom te vernietig, maar enige iets wat U kán doen om ons te help, gee om vir ons!"
- 23 Yeshua sê vir hom: "As jy kan vertrou, alles is moontlik vir die een wat vertrou."
- 24 Dadelik roep die vader van die seun uit terwyl hy huil en sê: "Ek vertrou, my Meester, help my tekort aan vertroue!"
- 25 Toe Yeshua sien dat 'n menigte mense aangehardloop kom en naby hulle bymekaarkom, bestraf Hy die onrein gees en sê vir hom: "Dowe gees wat nie praat nie, Ek beveel jou, gaan uit hom uit en kom hierna nie weer in hom in nie."
- 26 Skreeuend en met stuiptrekkings het hy uitgegaan en die seun het soos 'n dooie geword sodat baie gesê het: "Hy is dood."
- 27 Yeshua het egter sy hand gevat en hom opgelig.
- 28 Toe Hy in die huis kom, vra Sy studentevolgelinge Hom privaat: "Waarom was ons nie in staat om hom uit te dryf nie?"
- 29 Hy sê vir hulle: "Hierdie soort kan uit niks uitgaan, behalwe deur gebed en vas nie."

- 30 Toe hulle daarvandaan weggegaan het, deur die Galila, wou Hy nie dat iemand Hom moes herken nie
- 31 omdat Hy Sy studentevolgelinge geleer en vir hulle gesê het: “Die Seun van die mens word oorgegee in die hande van die mense en hulle sal Hom doodmaak en nadat Hy doodgemaak is, sal Hy op die derde dag opstaan.”
- 32 Hulle het wat gesê is, nie verstaan nie en was bang om Hom te vra.
- 33 Hy het in K’far-Nagum gekom en nadat hulle in die huis gekom het, vra Hy vir hulle: “Wat het julle op die pad bespreek?”
- 34 Hulle het stilgebly, want hulle het op die pad met mekaar geredeneer oor wie die grootste is.
- 35 Yeshua het gaan sit, die twaalf geroep en vir hulle gesê: “Hy wat eerste wil wees, sal laaste wees en almal se dienskneg.”
- 36 Hy vat ’n kind en laat hom tussen hulle staan en sit hom op Sy skouers en sê vir hulle:
- 37 “Elkeen wat iemand soos dié seun ontvang in My Karakter en Outoriteit, ontvang My en elkeen wat My ontvang, ontvang My nie as hy nie Hom wat My gestuur het ontvang nie.”
- 38 Yoganan sê vir Hom: “Leermeester, ons het iemand gesien wat in U Karakter en Outoriteit demone uitdryf en ons het hom verbied omdat hy nie saam met ons uitgegaan het nie.”
- 39 Yeshua sê vir hulle: “Moet hom nie verbied nie, want daar is niemand wat ’n wonderwerk in My Karakter en Outoriteit kan doen en dan gou van My kan kwaadpraat nie;
- 40 daarom, wie ook al nie teen jou is nie, is vir jou.
- 41 Elkeen wat vir julle net ’n beker water gee om te drink omdat julle in die Karakter en Outoriteit van dié Gesalfde Een kom, dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal sy beloning sekerlik nie verloor nie
- 42 en elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My vertrou, laat struikel, dit is beter vir hom as ’n meulsteen van ’n donkie om sy nek gehang en hy in die see gegooi word.
- 43 As jou hand jou verlei om te sondig, kap dit af (stop dit). Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en hel toe te gaan,
- 44 waar hulle wurm nie doodgaan en hulle vuur nie geblus word nie. ^{Yes 66:24}
- 45 As jou voet jou verlei om te sondig, kap dit af (stop dit). Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en hel toe te gaan,
- 46 waar hulle wurm nie doodgaan en hulle vuur nie geblus word nie. ^{Yes 66:24}
- 47 As jou oog jou verlei om te sondig, pluk dit uit (stop dit). Dit is beter vir jou om met een oog die Koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die hel van vuur te val,
- 48 waar hulle wurm nie doodgaan en hulle vuur nie geblus word nie. ^{Yes 66:24}
- 49 Alles sal met vuur vernietig word en elke offerande sal met sout voorberei word.
- 50 Die sout is uitstekend, maar as die sout smaakloos geword het, waarmee sal julle dit voorberei? ^{Lev 2:13; Num 18:19; Kol 4:6} Julle moet sout in julle hê en in vrede wees met mekaar.”

- 10** 1 Hy het opgestaan en daarvandaan na die anderkant van die Yarden, na die grens van Y'hudah gegaan. 'n Menigte mense het by Hom saamgekom en, soos Sy gewoonte was, het Hy hulle weer geleer.
- 2 Die Fariseërs het na Hom toe gekom om Hom te toets en hulle vra Hom of dit reg is volgens die wet vir 'n man om van sy vrou te skei?
- 3 Hy sê vir hulle: "Wat het Mosheh julle beveel?"
- 4 Hulle het gesê: "Mosheh het ons toegelaat om met die skrywe van 'n skeibrief te skei." ^{Deut 24:1-3}
- 5 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Ter wille van die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie opdrag geskryf,
- 6 maar aanvanklik, van die skepping af, ^{Gen 1:27; 5:2} het God hulle man en vrou gemaak.
- 7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder agterlaat en sy vrou vashou
- 8 en hulle twee sal een vlees wees ^{Gen 2:24} sodat hulle daarna nie meer twee nie, maar een vlees is.
- 9 Dit wat God dan so verenig het, mag geen mens skei nie." ^{Mat 5:31-32; 1 Kor 7:10,11}
- 10 In die huis het Sy studentevolgelinge Hom weer oor hierdie saak gevra
- 11 en Hy sê vir hulle: "Wie van sy vrou skei en 'n ander trou, pleeg egbreuk
- 12 en as 'n vrou haar man skei en aan 'n ander behoort, pleeg sy egbreuk." ^{1 Kor 7:10,11}
- 13 Hulle het kinders na Hom toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak en die studentevolgelinge het dié wat hulle gebring het, aangespreek,
- 14 maar toe Yeshua dit sien, was dit vir Hom boos en Hy sê vir hulle: "Laat die kinders na My toe kom en moet hulle nie verbied nie, want dié wat soos hulle is, is die Koninkryk van God.
- 15 Dit is waar, Ek sê vir julle, elkeen wat nie die Koninkryk van God soos 'n kind ontvang nie, sal nie daar ingaan nie."
- 16 Hy het hulle in Sy arms opgetel, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën.
- 17 Toe Hy op die pad gereis het, hardloop een en val op die knieë neer en vra Hom: "Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?"
- 18 Yeshua sê vir hom: "Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie, behalwe net Een, God.
- 19 Jy ken die wet: jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie valse getuienis gee nie, jy mag nie bedrog pleeg nie; eer jou vader en moeder,"
- 20 maar hy antwoord en sê vir Hom: "Leermeester, al hierdie dinge het ek gehoorsaam van my jeug af."
- 21 Yeshua het na hom gekyk en was lief vir hom en sê vir hom: "Een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het en gee dit aan die armes en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My."
- 22 Hy het egter treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie rykdom gehad.
- 23 Yeshua kyk rond en sê vir Sy studentevolgelinge: "Hoe moeilik is dit vir hulle wat rykdom besit, om in die Koninkryk van God in te gaan!"

- 24 Die studentevolginge was verstom oor Sy woorde en Yeshua antwoord weer en sê vir hulle: “Seuns! Hoe moeilik is dit vir die wat op hulle rykdom staatmaak, om in die Koninkryk van God in te gaan!
- 25 Dit is makliker vir ’n kameelhaartou om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryke om in die Koninkryk van God in te gaan.” ^{Iyov 24:22}
- 26 Hulle was uitermate verbaas en het vir mekaar gesê: “Wie is in staat om gered te word?”
- 27 Yeshua het stip na hulle gekyk en vir hulle gesê: “By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, want by God is alle dinge moontlik.”
- 28 Kefa begin en sê: “Let op, ons het alles verlaat en aan U vasgehou.”
- 29 Yeshua antwoord en sê: “Dit is waar, Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of seuns of grond ter wille van My en van My goeie boodskap verlaat het nie,
- 30 of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel huise, broers, susters, moeders, seuns en grond, saam met vervolginge en in die wêreld wat kom, die ewige lewe,
- 31 maar baie wat eerste is, sal laaste wees en die wat laaste is, eerste.”
- 32 Toe hulle op die pad was wat opgegaan het na Yerushalayim, het Yeshua voor hulle uitgegaan en hulle was verstom. Hulle wat gevolg het, was in respekvolle vrees. Hy het die twaalf by Hom gevat en aan hulle die dinge wat op die punt staan om met Hom te gebeur, begin vertel.
- 33 “Let op, ons gaan op na Yerushalayim en die Seun van die mens sal oorgegee word aan die leierpriesters en die leraars van die wet en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom oorgee aan die nie-Jode.
- 34 Hulle sal Hom spot, Hom gésel, in Sy gesig spoeg, Hom doodmaak en op die derde dag sal Hy opstaan.”
- 35 Ya’akov en Yoganan, die seuns van Zavdai, het na Hom toe gekom en gevra: “Leermester, ons begeer dat U vir ons doen wat ons U vra.”
- 36 Hy sê vir hulle: “Wat moet Ek vir julle doen?”
- 37 Hulle antwoord Hom: “Gee aan ons dat een aan U regterkant en een aan U linkerkant mag sit in U plek van eer, lof en grootheid.”
- 38 Yeshua sê vir hulle: “Julle verstaan nie wat julle vra nie. Is julle in staat om van die beker te drink wat Ek drink en gedoop te word met die doop waarmee Ek gedoop word?”
- 39 Hulle antwoord Hom: “Ons is in staat,” maar Yeshua sê vir hulle: “Die beker wat Ek drink, sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word,
- 40 maar om te sit aan My regterkant en aan My linkerkant, is nie vir My om te gee nie, behalwe aan hulle vir wie dit voorberei is.”
- 41 Toe die tien dit hoor, begin hulle ernstig kla oor Ya’akov en Yoganan,
- 42 maar Yeshua het hulle na Hom toe geroep en vir hulle gesê: “Julle is bewus daarvan dat die wat beskou word as heersers oor die nasies, oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne outoriteit het oor hulle,

- 43 maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar die wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees
- 44 en die wat onder julle die eerste wil word, moet almal se slaaf wees,
- 45 want selfs die Seun van die mens het ook nie gekom om bedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.”
- 46 Hulle het in Yerigo gekom en toe Yeshua, Sy studentevolgelinge en 'n groot menigte mense uit Yerigo uitgaan, sit Timai, die seun van Timai (Bar-Timai), 'n blinde man, langs die pad en bedel.
- 47 Toe hy hoor dat dit Yeshua van Natzeret was, begin hy om uit te roep en te sê: “Seun van Dawid, Yeshua, gee om vir my!”
- 48 Baie het hom aangespreek dat hy moet stilbly, maar hy het al harder uitgeroep: “Seun van Dawid, gee om vir my!”
- 49 Yeshua gaan staan en sê dat hy geroep moes word en hulle roep die blinde en sê vir hom: “Wees bemoedig, staan op! Hy roep jou.”
- 50 Die blinde man gooi sy kleed af, staan op en kom na Yeshua toe.
- 51 Yeshua sê vir hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Die blinde sê vir Hom: “Leermeester, dat ek kan sien.”
- 52 Yeshua sê vir hom: “Sien! Jou vertrouwe het jou gered.” Dadelik het dit duidelik geword en hy het op die pad weggegaan.

- 11** 1 Toe hulle naby Yerushalayim kom, by Beit-Pagei en Beit-Anyah, langs die Olyfberg, stuur Hy twee van Sy studentevolgelinge
- 2 en sê vir hulle: “Gaan na die dorp reg oorkant ons en dadelik as julle inkom, sal julle 'n vul, waar geen mens op gesit het nie, vind wat vasgemaak is. Maak hom los en bring hom
- 3 en as iemand vir julle vra: ‘Waarom doen julle dit?’ moet julle antwoord: ‘Hy is nodig vir ons Meester’ en dadelik sal hy hom hierheen stuur.”
- 4 Hulle het gegaan en die vul vasgemaak gekry aan die hek, buitekant in die straat en hom losgemaak.
- 5 Van die mense wat daar staan sê vir hulle: “Wat doen julle om die vul los te maak?”
- 6 Hulle antwoord hul net soos Yeshua beveel het en hulle het die studentevolgelinge toegelaat.
- 7 Hulle het die vul na Yeshua gebring en hulle klere daarop gegooi en Yeshua het op hom gery,
- 8 maar baie het hulle klere op die pad uitgesprei en ander het takke afgekap van die bome af en op die pad uitgesprei.
- 9 Die wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeskreeu en gesê: “Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה.”
- 10 Geseënd is die Koninkryk wat kom vanaf ons vader Dawid. U in die hoogste, red ons nou!” Ps 118:25-26
- 11 Yeshua het Yerushalayim binnegegaan en in die tempel gekom en Hy het na alles gekyk. Toe dit aand was, het Hy saam met die twaalf uitgegaan na Beit-Anyah.

- 12 Die volgende dag, toe hulle uit Beit-Anyah uitgaan, was Hy honger
- 13 en Hy sien van ver af 'n vyeboom met blare aan en Hy het daarheen gegaan in die verwagting om iets daaraan te kry om te eet en toe Hy by dit kom, kry Hy niks behalwe blare nie, want dit was nie die seisoen vir vye nie.
- 14 Hy sê vir dit: “Van nou af tot in ewigheid sal niemand van jou 'n vrug eet nie!” Sy studentevolgelinge het dit gehoor en hulle het in Yerushalayim gekom.
- 15 Yeshua het in die tempel ingegaan en Hy het begin om die wat in die tempel verkoop en koop uit te jaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers om te gooi.
- 16 Hy het niemand toegelaat om enige handelsvoorwerp in die tempel in te dra nie
- 17 en Hy het geleer en vir hulle gesê: “Is daar nie geskrywe: ‘My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies nie,’ ^{Yes 56:7} maar julle het dit 'n grot vir plunderaars gemaak.” ^{Yir 7:11}
- 18 Die leraars van die wet en die leierpriesters het dit gehoor en gesoek hoe hulle Hom kon vernietig, want hulle was bang vir Hom omdat al die mense verstom was oor Sy leringe.
- 19 Toe dit aand word, het hulle uitgegaan, buitekant die stad
- 20 en in die oggend toe hulle verbygaan, sien hulle die vyeboom: verdroog van die wortels af
- 21 en Shim'on het onthou en vir Hom gesê: “Leermeester, let op, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.”
- 22 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Julle moet vertrou, wat van God is, in julle hê,
- 23 want, dit is waar, Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: ‘Lig jouself op en werp jou in die see’ en nie in sy gedagtes twyfel nie, maar vertrou dat wat hy sê, sal gebeur, dit sal vir hom gedoen word; net wat hy sê.
- 24 Ek sê daarom vir julle: ‘Alles wat julle in gebed vra, vertrou dat julle besig is om dit te ontvang en dit sal so wees vir jou
- 25 en wanneer julle staan en bid, vergewe as julle iets teen iemand het sodat julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredinge kan vergewe,
- 26 maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook nie julle oortredinge vergewe nie’.”
- 27 Hulle het weer in Yerushalayim gekom en terwyl Hy in die tempel loop, kom die leierpriesters en die leraars van die wet en die oudstes na Hom toe
- 28 en sê vir Hom: “In watter outoriteit doen U hierdie dinge en wie het vir U hierdie outoriteit gegee om hierdie dinge te doen?”
- 29 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek sal julle ook een vraag vra en antwoord julle My, dan sal Ek julle sê in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen:
- 30 ‘Die doop van Yoganan, van waar was dit, vanaf die hemel of vanaf mense? Vertel My.’”
- 31 Hulle het by hulleself geredeneer en gesê: “As ons sê: ‘Vanaf die hemel,’ sal Hy sê: ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie?’
- 32 As ons sê: ‘Van mense,’ is ons bang vir die mense, want almal beskou Yoganan as 'n ware profeet.”

33 Hulle antwoord en sê vir Yeshua: “Ons weet nie” en Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle in watter outoriteit Ek hierdie dinge doen nie.”

- 12** 1 Hy het begin om deur 'n vergelykende storie vir hulle te sê: “'n Sekere man het 'n wingerd geplant, 'n heining rondom gesit, 'n parskuip gegrawe, 'n wagtoring gebou, die sorg daarvan aan werkers oorgegee en na 'n ander land gegaan.
- 2 In die tyd dat hy vrugte van die wingerd kon ontvang, stuur hy sy slaaf na die werkers toe,
- 3 maar hulle het hom gevat en geslaan en hom met niks weggestuur.
- 4 Weer het hy 'n ander slaaf na hulle toe gestuur en op dieselfde manier het hulle hom met klippe gegooi en gewond en hom in skande weggestuur.
- 5 Weer het hy 'n ander een gestuur en hom het hulle doodgemaak. Ook baie ander, sommige het hulle geslaan en ander doodgemaak.
- 6 Hy het ook nog een seun gehad, vir wie hy baie lief was en hom laaste na hulle toe gestuur en gesê: ‘Hulle sal skaam wees voor my seun.’
- 7 Daardie werkers het egter by hulleself gesê: ‘Dit is die erfgenaam; laat ons hom doodmaak en die erfenis sal ons s'n wees.’
- 8 Hulle het hom gevat en doodgemaak en buitekant die wingerd uitgegooi.
- 9 Wat sal die meester van die wingerd dan doen? Hy sal kom en die werkers vernietig en die wingerd aan ander gee.
- 10 Het julle selfs ook nie hierdie Skrif gelees nie: ‘Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n Hoeksteen geword?’ ^{Efe 2:20,21}
- 11 יהוה het dit gedoen en dit is wonderlik in ons oë’.” ^{Ps 118:22-23}
- 12 Hulle het gesoek om Hom te vang, want hulle het verstaan dat Hy die vergelykende storie aangaande hulle vertel het, maar was bang vir die mense en hulle het Hom gelos en weggegaan.
- 13 Sommige van die leraars van die wet en van die Herodiane het na Hom toe gestuur om Hom te vang op wat Hy sê.
- 14 Hulle kom en sê vir Hom: “Leermeester, ons weet dat U Waarheid is en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense raak nie, maar U leer die lewenswyse van God in waarheid. Is dit reg volgens die wet om aan die keiser belasting te betaal of nie? Moet ons betaal of nie?”
- 15 Hy het egter hulle valsheid geken en vir hulle gesê: “Waarom toets julle My? Bring vir My 'n denarion dat Ek dit kan sien.”
- 16 Hulle het dit gebring en Hy sê vir hulle: “Wie se beeld en inskripsie is die?” Hulle antwoord Hom: “Die keiser s'n.”
- 17 Toe antwoord Yeshua en sê vir hulle: “Gee aan die keiser wat die keiser s'n is en aan God wat God s'n is” en hulle was verwonderd oor Hom.
- 18 Die Saduseërs kom ook na Hom toe, dié wat sê dat daar geen opstanding uit die dood is nie en hulle vra Hom en sê:
- 19 “Leermeester, Moshè het vir ons geskryf dat as iemand se broer doodgaan en 'n vrou agterlaat en geen seuns nalaat nie, moet sy broer sy vrou vat en seuns hê ter wille van sy broer. ^{Deut 25:5-6}

- 20 Daar was sewe broers en die eerste het 'n vrou geneem en doodgegaan sonder om 'n seun na te laat
- 21 en die tweede het haar gevat en gesterf en hy het ook geen seuns nagelaat nie en die derde net so.
- 22 Al sewe het haar gevat en geen seuns nagelaat nie. Laaste van almal is die vrou ook dood.
- 23 In die opstanding dan, wie van hulle se vrou sal sy wees, want al sewe het haar as vrou gehad?"
- 24 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Is dit nie die rede hoekom julle dwaal nie: dat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie?"
- 25 Wanneer hulle uit die dood opstaan, vat hulle nie vrouens nie en word hulle nie mans se vrouens nie, maar is hulle net soos die engele in die hemel.
- 26 Wat die opstaan van dooies betref, het julle nie gelees in die Skrifte van Mosheh hoedat God vir hom vanaf die doringbos gesê het: 'Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die God van Avraham, die God van Yitz'gag en die God van Ya'akov nie?' Eks 3:6
- 27 Hy is nie God van die dooies nie, maar God van lewendes. Daarvolgens dwaal julle grootliks."
- 28 Een van die leraars van die wet, wat nadergekom het en gehoor het wat hulle bespreek, sien dat Hy hulle goed geantwoord het en hy vra vir Hom: "Watter een is die eerste opdrag van almal?"
- 29 Yeshua antwoord hom: "Die eerste van al die opdragte is: 'Hoor, luister en doen Yisra'el, יהוה יהוה is ons God, יהוה יהוה is een'
- 30 en: 'jy moet יהוה יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.' Dit is die eerste opdrag Deut 6:4-5
- 31 en die tweede, wat net soos hy is, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie'." Lev 19:18
- 32 Die leraar van die wet sê vir Hom: "Uitstekend, Leermeester, U het met waarheid gesê dat God Een is en dat daar geen ander is behalwe Hy nie
- 33 en om Hom lief te hê vanuit die hele verstand, wil en emosie, vanuit die hele gees, vanuit al die begrip en verbeelding en vanuit al die kragte en om die naaste lief te hê soos jouself, is belangriker as enige brandoffers en offerandes."
- 34 Toe Yeshua sien dat hy wyslik geantwoord het, sê Hy vir hom: "Jy is nie ver van die Koninkryk van God nie" en niemand het verder gewaag om aan Hom vrae te stel nie.
- 35 Terwyl Yeshua in die tempel leer, vra Hy en sê: "Hoe is dit dat die leraars van die wet sê dat dié Gesalfde Een die Seun van Dawid is,
- 36 want Dawid self het deur die Gees wat Afgesonderd is gesê: 'יהוה יהוה het vir my Meester gesê: 'Sit aan My regterkant totdat Ek U vyande 'n voetbank onder U voete gemaak het'. ' Ps 110:1
- 37 Daarvolgens noem Dawid self Hom "my Meester;" waarvandaan is Hy dan sy seun?" Baie mense het met plesier na Hom geluister

38 en Hy het vir hulle in Sy leringe gesê: “Pas op vir daardie leraars van die wet wat lief is om in lang klere rond te loop,
 39 hou van die beste sitplekke in die bymekaarkomplekke en die beste plekke by die feeste en hou van groete op die strate,
 40 hulle wat die huise van die weduwees verslind (opeis) as ’n offerande en hulle gebede lank uitrek. Hulle sal ’n groter oordeel ontvang.”
 41 Toe Yeshua naby die skatkamer gaan sit, sien Hy hoe die mense geld in die skatkamer ingooi en baie rykes het baie ingegooi.
 42 Daar kom een arm weduwee en gooi twee klein geldstukkies in, wat saam, ’n quadrans is.
 43 Yeshua roep Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir hulle: “Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkamer ingegooi het,
 44 want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi, alles wat sy gehad het.”

13 1 Terwyl Hy uit die tempel uitgaan, sê een van Sy studentevolgelinge vir Hom: “Leermeester, let op, kyk watter klippe en watter argitektuur!”
 2 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Kyk jy na hierdie groot strukture? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelos word wat nie afgebreek sal word nie!”
 3 Toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, regoor die tempel, het Kefa, Ya’akov, Yoganan en Andreas privaat vir Hom gevra:
 4 “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken wanneer al hierdie dinge nader kom om vervul te word?”
 5 Yeshua begin om vir hulle te sê: “Pas op dat niemand julle laat afdwaal nie,
 6 want baie sal in My Naam (Karakter en Outoriteit) kom en sê: ‘Ek is onveranderlik dieselfde’ en hulle sal baie mislei,
 7 maar wanneer julle hoor van oorloë en verslae van gevegte, moenie bang wees nie, want dit sal gebeur, maar dit is nog nie die einde nie,
 8 want volksgroep sal teen volksgroep opstaan en koninkryk teen koninkryk; daar sal aardbewings wees op verskillende plekke en daar sal hongersnode wees en oproere. Hierdie dinge is die begin van die geboortepyne.
 9 Wees versigtig vir julleself, want hulle sal julle oorlewer aan die regters en in plekke van bymekaarkoms sal julle geslaan word en gebring word om voor heersers en konings te staan ter wille van My, tot ’n getuienis vir hulle.
 10 Die goeie boodskap moet eers aan al die volksgroepe verkondig word
 11 en wanneer hulle julle wegvat om julle oor te lewer, moenie julle vooraf bekommer oor wat julle sal sê of daaroor dink nie, behalwe wat julle in daardie uur gegee word, dit moet julle sê, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Gees wat Afgesonderd is.
 12 Broer sal broer tot die dood oorlewer; die vader sy seun en die seuns sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak
 13 en julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Karakter en Outoriteit, maar wie uithou tot die einde toe, hy sal gered word.

- 14 Wanneer julle dan die teken van die verwerplikheid van afgodery, waarvan gepraat is deur die profeet Daniël, ^{Dan 9:27; 11:31} sien staan in die plek waar hy nie mag nie, moet die leser verstaan, dan moet dié wat in Y'hudah is, vlug na die berge
- 15 en wie ook al op die dak is, moenie afkom en ingaan om iets uit sy huis weg te vat nie
- 16 en wie ook al op die land is, moenie omdraai na wat agter is om sy klere op te tel nie,
- 17 maar wee haar wat verwagting is en die wat nog voed, in daardie dae.
- 18 Bid egter dat julle vlug nie in die winter sal wees nie,
- 19 want in daardie dae sal daar moeilikhede wees soos daar nie was van die begin van die skepping wat God geskape het tot nou toe nie ^{Yo' 2:2; Dan 12:1} en daar ook nooit sal wees nie.
- 20 As יְהוָה dié dae nie verkort het nie, sou niemand geleef het nie, maar ter wille van die wat gekies is, wat Hy gekies het, het Hy die dae verkort.
- 21 Wanneer iemand vir julle sê: 'Let op, hier is dié Gesalfde Een!' en: 'Let op, daar gaan Hy!' moet dit nie glo nie,
- 22 want daar sal vals gesalfdes en profete, wat lieg, opstaan en hulle sal tekens en wonders doen en, as dit moontlik was, selfs ook die wat gekies is, mislei,
- 23 maar julle moet daarop let. Let op, Ek het vooruit gegaan en julle alles vertel,
- 24 maar in daardie dae, ná dié moeilikhede, sal die son donker word en die maan sal nie sy lig gee nie
- 25 en die sterre sal uit die hemele val en ^{Yes 13:10; Yeg 32:7; Yo'el 2:10; 3:15; Hag 2:6,21} die kragte van die hemele sal geskud word. ^{Mat 24:29; Luk 21:26; Heb 12:26}
- 26 Dan sal hulle die Seun van die mens sien wanneer Hy kom op die wolke met groot krag en met lof, eer en waarde. ^{Dan 7:13-14}
- 27 Dan sal Hy Sy engele uitstuur en die wat Hy gekies het uit die vier windstreke bymekaarmaak, van die begin van die aarde af tot by die begin van die hemel.
- 28 Leer uit die allegorie van die vyeboom: wanneer sy tak sag word en sy blare uitspruit, weet julle dat die somer hier is
- 29 en net so weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur.
- 30 Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge nie gebeur het nie.
- 31 Die hemele en die aarde sal verbygaan, maar My boodskap sal nooit verbygaan nie,
- 32 maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, selfs nie die engele in die hemel of die Seun nie, behalwe net die Vader.
- 33 Wees versigtig, wees waaksaam en bid, want julle weet nie wanneer dit tyd is nie.
- 34 Dit is soos 'n man wat na die buiteland reis, wat sy huis agtergelaat en vir sy slawe outoriteit gegee het, vir elkeen sy werk en aan die deurwagter opdrag gegee het om waaksaam te wees.
- 35 Wees dan waaksaam, want julle weet nie wanneer die meester van die huis kom nie: in die laat middag of middernag of met die kraai van die haan of vroeg in die oggend nie

36 sodat hy nie miskien in die stilte kom en julle aan die slaap kry nie.

37 Wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: “Wees waaksaam!”

- 14** 1 Oor twee dae sou dit Pesag en die Fees van Ongesuurde Brode wees. Die leierpriesters en die leraars van die wet het gesoek hoe hulle Hom slinks kon vang en doodmaak,
- 2 maar hulle het gesê: “Nie tydens die fees nie, want die mense sal in oproer kom.”
- 3 Terwyl Hy in Beit-Anyah was, in die huis van Shim'on, die pottebakker en skuinslê by die tafel, kom daar 'n vrou met 'n alabaste fles met geparfumeerde olie: die beste, baie waardevolle nardussalf en sy maak dit oop en gooi dit oor Yeshua se kop,
- 4 maar daar was sommige van Sy studentevolgelinge wat by hulleself ontevrede was en gesê het: “Hoekom is die geparfumeerde olie gemors,
- 5 want dit kon moontlik vir meer as drie honderd denarii verkoop en die geld aan die armes gegee word?” Hulle was verontwaardig teenoor haar.
- 6 Yeshua sê egter: “Los haar uit. Waarom gee julle haar moeilikheid? Sy het 'n mooi daad vir My gedoen,
- 7 want julle het altyd die armes by julle ^{Deut 15:11} en wanneer julle so sou kies, kan julle aan hulle goed doen, maar Ek is nie altyd by julle nie.
- 8 Dit wat vir haar moontlik was, het sy gedoen. Sy het vooruit My liggaam vir die begrafnis gesalf.
- 9 Dit is waar, Ek sê vir julle, oral waar hierdie goeie boodskap van My oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gepraat word van wat sy gedoen het, tot 'n nagedagtenis aan haar.”
- 10 Y'udah van K'riot, een van die twaalf, het na die leierpriesters gegaan met die doel om Hom aan hulle oor te lewer.
- 11 Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het belowe om hom geld te gee en hy het na 'n geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.
- 12 Op die eerste dag van die verwydering van suurdeeg, waarop die Jode gewoonlik die Pesaglam geslag het, sê Sy studentevolgelinge vir Hom: “Waar wil U hê moet ons vir U gaan voorberei dat U die Pesag kan eet?”
- 13 Hy stuur twee van Sy studentevolgelinge en sê vir hulle: “Gaan na die stad toe en let op, 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle ontmoet. Gaan agter hom aan
- 14 en waar hy ook mag ingaan, moet julle vir die meester van die huis sê: die Leermeester vra: ‘Waar is die vertrek waar Ek met My studentevolgelinge die Pesag kan eet?’
- 15 Let op, hy sal vir julle 'n groot bovertrek wys, klaar gereed gemaak. Daar moet julle vir ons voorberei.”
- 16 Sy studentevolgelinge het gegaan en in die stad gekom en dit gevind net soos Hy vir hulle gesê het en hulle het die Pesag voorberei.
- 17 Toe dit aand was, het Hy saam met die twaalf gekom
- 18 en terwyl hulle skuinslê aan tafel en eet, sê Yeshua: “Dit is waar, Ek sê vir julle, een van julle, wat saam met My eet, sal My oorlewer.”
- 19 Toe het hulle begin treurig word en een vir een vir Hom gevra: “Is dit miskien ek?”

- 20 Hy antwoord en sê vir hulle: “Een van die twaalf wat saam met My indoop in die gereg.
- 21 Die Seun van die mens gaan net soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie se hand die Seun van die mens oorgelewer word! Dit sou vir die man beter gewees het as hy nie gebore is nie.”
- 22 Terwyl hulle eet, vat Yeshua ongesuurde brood, dank, breek dit en gee dit vir hulle en sê: “Neem, hierdie is My liggaam.”
- 23 Hy vat ’n beker, dank, seën dit en gee dit vir hulle en hulle het almal daaruit gedrink.
- 24 Hy sê vir hulle: “Hierdie is My bloed van die nuwe verbond, wat in ruil vir baie uitgestort word.
- 25 Dit is waar, Ek sê vir julle, Ek sal nie weer van die vrug van die wingerd drink tot op daardie dag dat Ek dit nuut sal drink in die Koninkryk van God nie.”
- 26 Hulle het lofsange gesing en uitgegaan na die Olyfberg
- 27 en Yeshua sê vir hulle: “Julle sal almal in hierdie nag skaam wees vir My, want daar is geskrywe: ‘Ek sal die Skaapwagter slaan en die skape sal verstrooi word,’ ^{Z’kh 13:7}
- 28 maar wanneer Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uitgaan na die Galila.”
- 29 Kefa sê vir Hom: “As almal sou skaam wees vir U, nie ek nie.”
- 30 Yeshua sê vir hom: “Dit is waar, Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag voordat die haan twee maal kraai, sal jy drie maal ontken dat jy My ken,”
- 31 maar die studentevolginge het meer en meer aangehou en gesê: “Al moet ek saam met U doorgemaak word, ek sal U nooit ontken nie, my Meester.” Al die studentevolginge het net soos hy gepraat.
- 32 Hulle het gekom by die plek wat genoem word Gat-Sh’manim en Hy sê vir Sy studentevolginge: “Sit hier terwyl Ek gaan bid.”
- 33 Hy vat vir Kefa, Ya’akov en Yoganan saam met Hom en het hoogs ontsteld en swaarmoedig begin word
- 34 en Hy sê vir hulle: “My gees is tot die dood toe bedroef; bly hier en wees waaksaam.”
- 35 Hy gaan ’n bietjie verder, val op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan
- 36 en Hy sê: “Vader, My Vader, alle dinge is vir U moontlik; laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie My wil nie, maar U wil.”
- 37 Hy kom en vind hulle terwyl hulle slaap en sê vir Kefa: “Shim’on, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?”
- 38 Waak en bid dat julle nie getoets word nie. Die gees is wel gewillig en gereed, maar die vlees is swak.”
- 39 Weer het Hy gegaan en dieselfde woorde gebid
- 40 en toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer terwyl hulle slaap, want hulle oë was swaar en hulle het nie geweet wat om vir Hom te sê nie.
- 41 Hy kom vir die derde keer en sê vir hulle: “Slaap nou maar en rus. Dit is genoeg! Die einde en die uur het gekom. Let op, die Seun van die mens is oorgelewer in die hande van die sondaars.
- 42 Staen op, laat ons gaan. Let op, hy wat My oorgee, is naby.”

- 43 Terwyl Hy nog praat, kom Y'hudah, van K'riot, wat een van die twaalf was en saam met hom baie mense met swaarde en stokke, gestuur deur die leierpriesters, die leraars van die wet en die oudstes.
- 44 Die een wat Hom sou oorgee, het 'n teken met hulle afgespreek en gesê: "Die een wat ek sal soen, is Hy; gryp Hom en neem Hom onder bewaking weg."
- 45 Toe hy naderkom, gaan hy dadelik na Hom toe en sê: "Leermeester, Leermeester!" en soen Hom.
- 46 Hulle het hul hande aan Hom geslaan en Hom gegryp,
- 47 maar een van die wat naby gestaan het, het sy swaard uitgetrek en die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy oor afgekap.
- 48 Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Het julle soos teen 'n rower gekom met swaarde en stokke om My te vang?"
- 49 Ek was elke dag by julle in die tempel en het geleer en julle het My nie gevang nie, maar hierdie het gebeur dat die Skrifte vervul sou word."
- 50 Toe het Sy studentevolgelinge Hom in die steek gelaat en gevlug.
- 51 'n Jongman het 'n linne kleed om sy kaal lyf gegooi en Hom gevolg en hulle het hom gegryp,
- 52 maar hy het die linne kleed agtergelaat en kaal gevlug.
- 53 Hulle het Yeshua na Kayafa, die hoofpriester, gebring en al die leierpriesters en die oudstes en die leraars van die wet by hom bymekaargebring,
- 54 maar Shim'on het Hom op 'n afstand gevolg tot binne-in die voorhof van die hoofpriester en het saam met die diensknegte gaan sit en hom by die vuur warm gemaak.
- 55 Die leierpriesters en almal wat vergader het, het getuienis teen Yeshua gesoek om Hom dood te maak en hulle het niks gekry nie
- 56 terwyl baie teen Hom getuig het, was hulle getuienisse nie aanvaarbaar nie.
- 57 Mense het teen Hom opgestaan en leuens teen Hom getuig en gesê:
- 58 "Ons het Hom hoor sê: 'Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een bou wat nie met hande gemaak is nie'"
- 59 en selfs hieroor was hulle getuienis nie aanvaarbaar nie.
- 60 Die hoofpriester het opgestaan tussen hulle en vir Yeshua gevra en gesê: "Antwoord U nie een van die wat getuienis teen U bring nie?"
- 61 Hy was egter stil en het niks geantwoord nie. Weer vra die hoofpriester vir Hom en sê: "Is U dié Gesalfde Een, die Seun van Die Geseënde Een (Bar-HaM'vorakh)?"
- 62 Yeshua sê vir hom: ^{Lev 5:1} "Ek is onveranderlik dieselfde en julle sal die Seun van die mens aan die regterhand van Die Krag (HaG'vurah) sien sit ^{Ps 110:1; Mar 16:19} en kom met die wolke vanaf die hemel." ^{Dan 7:13}
- 63 Die hoofpriester skeur sy klere in twee en sê: "Hoekom het ons nog getuienis nodig!" ^{Eks 28:32; 39:23}
- 64 Let op, uit Sy mond het julle die godslastering gehoor; hoe lyk dit vir julle?" Almal van hulle het geoordeel dat Hy die doodsvonnis verdien
- 65 en sommige het begin om Hom in die gesig te spoeg en sy gesig toe te maak en Hom te slaan en vir Hom te sê: "Profeteer!" en die soldate het Hom op Sy ken geslaan.

- 66 Terwyl Kefa onder in die binneplaas was, kom daar 'n sekere slavin van die hoofpriester
- 67 en sy sien vir Kefa, besig om hom warm te maak en kyk stip na hom en sê: "Jy was ook by die Natzerener, Yeshua,"
- 68 maar hy het dit ontken en gesê: "Ek weet nie wat jy sê nie" en hy het na buite, na die stoep, gegaan en die haan het gekraai.
- 69 Daardie slavin het hom weer gesien en begin om aan die wat daar staan, te sê dat hy een van hulle is,
- 70 maar hy het dit weer ontken en 'n bietjie later sê die wat daar staan weer vir Kefa: "Waarlik, jy behoort by hulle, want jy is ook van die Galila en jou spraak is dieselfde."
- 71 Toe begin hy vloek en sweer: "Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie"
- 72 en op daardie oomblik kraai die haan vir die tweede keer en Shim'on het die woord onthou wat Yeshua vir hom gesê het: "Voor die haan twee maal gekraai het, sal jy drie maal ontken dat jy My ken" en hy het begin huil.
- 15** 1 Dadelik in die oggend, het die leierpriesters vergadering gehou saam met die oudstes, die leraars van die wet en die hele Raad. Hulle het Yeshua vasgebind, Hom gebring en aan die goewerneur, Pilatos, oorgelewer.
- 2 Pilatos het aan Hom gevra: "Is U die Koning van die Jode?" Hy het geantwoord en vir hom gesê: "U het dit gesê." Mat 27:11; Luk 23:3
- 3 Die leierpriesters het Hom van baie dinge beskuldig.
- 4 Pilatos het Hom weer gevra en gesê: "Gee U nie 'n antwoord nie? Kyk hoe baie teen U getuig."
- 5 Yeshua het egter geen antwoord gegee nie sodat Pilatos gewonder het. Yes 53:7
- 6 Hy het 'n tyd daargestel op elke fees om vir hulle een gevangene, die een waarvoor hulle gevra het, los te laat.
- 7 Daar was een genaamd Bar-Abba, wat saam met mede-oproermakers gevang is; hulle wat in die opstand 'n moord gepleeg het.
- 8 Die skare het uitgeroep en begin vra dat hy vir hulle sou doen soos altyd.
- 9 Pilatos antwoord en sê: "Wil julle hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet vrylaat?"
- 10 Want Pilatos het geweet dat die leierpriesters Hom uit afguns oorgelewer het,
- 11 maar die leierpriesters het die skare al hoe meer aangehits dat hy eerder Bar-Abba vir hulle moes vrylaat. Mat 27:20; Luk 23:18
- 12 Pilatos sê vir hulle: "Wat wil julle dan hê moet ek doen met Hom wat julle 'Koning van die Jode' noem?"
- 13 Weereens skree hulle: "Kruisig Hom!"
- 14 Pilatos sê vir hulle: "Watter kwaad het Hy gedoen?" Hulle skree toe nog harder: "Kruisig Hom!"
- 15 Omdat Pilatos die skare wou tevrede stel, het hy Bar-Abba vir hulle losgelaat en nadat hy Yeshua laat gésel het, het hy Hom oorgegee om gekruisig te word.
- 16 Die soldate het Hom weggelei na die binneplaas van die hoofkwartier en hulle het die hele leërafdeling bymekaar geroep,

- 17 vir Hom 'n pers kleed aangetrek en vir Hom 'n kroon van dorings gevleg en opgesit.
- 18 Hulle het begin om Hom te salueer met "Wees gegroet, Koning van die Jode!"
- 19 Hulle het Hom met 'n riet op die kop geslaan en op Hom gespoeg en op die knieë geval en Hom 'aanbid.'
- 20 Nadat hulle Hom gespot het, het hulle die pers kleed uitgetrek en vir Hom sy eie klere aangetrek en Hom weggelei om Hom te kruisig.
- 21 Hulle het 'n sekere Shim'on van Kurene, wat van die veld af gekom het, die vader van Aleksandros en Roufos, gedwing om Sy kruis te dra.
- 22 Hulle het Hom gebring op die plek Gulgolta, wat vertaal word as: Kopbeen.
- 23 Hulle het vir Hom wyn gemeng met mirre gegee om te drink, maar Hy het dit nie gedrink nie.
- 24 Toe hulle Hom gekruisig het, het hulle Sy klere verdeel deur die lot tewerp oor wat elkeen moes kry. ^{Ps 22:19}
- 25 Dit was die derde uur (nege-uur die oggend) toe hulle Hom gekruisig het
- 26 en op die inskripsie met die rede vir Sy dood is geskryf: ^{Mat 27:37; Luk 23:38; Yog 19:19}
'DIE KONING VAN DIE JODE.'
- 27 Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een aan Sy regterkant en een aan sy linkerkant
- 28 en die Skrif is vervul wat sê: 'En Hy is by die wetteloses gereken.' ^{Yes 53:12}
- 29 Die verbygangers het kwaadgepraat van Hom terwyl hulle hul kop skud en sê: "O! Vernietiger van die tempel en die een wat dit in drie dae opbou, ^{Ps 22:8,9}
- 30 red Uself en kom van die kruis af!"
- 31 Net so het die leierpriesters ook onder mekaar en saam met die leraars van die wet gespot en vir mekaar gesê: "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie.
- 32 Gesalfde Een, Koning van Yisra'el, kom nou van die kruis af sodat ons kan sien en ons sal vertrou!" Ook die wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig.
- 33 Toe die sesde uur (12 uur middag) aanbreek, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur (15:00) toe
- 34 en in die negende uur het Yeshua met 'n harde stem uitgeroep en gesê: "Eil, Eil, l'mana shevakthani?" wat beteken: "My Magtige God, My Magtige God, waarom spaar U My nog (duur dit voort)?" ^{Ps 22:2-32}
- 35 Sommige wat daar staan, hoor dit en sê dat Hy na Eliyahu roep.
- 36 Toe hardloop een en maak 'n spons vol asyn, sit dit op 'n riet vas om Hom te laat drink ^{Ps 69:22} en hulle sê: "Los Hom alleen, laat ons sien of Eliyahu kom om Hom af te haal,"
- 37 maar Yeshua het in 'n harde stem uitgeroep en Sy asem uitgeblaas
- 38 en die gordyn in die tempel het in twee geskeur van bo tot onder.
- 39 Toe die kaptein oor 'n honderd, wat by Hom staan, sien hoe Hy uitroep en Sy gees oorgee, sê hy: "Waarlik, hierdie Man is die Seun van God."
- 40 Daar was ook vroue wat dit van ver af dopgehou het. Onder hulle was Miryam van Migdala, Miryam, die moeder van die jonger Ya'akov en Yosi en Shalomé
- 41 en hulle wat Hom gevolg en Hom versorg het toe Hy in die Galila was, asook baie ander vroue wat saam met Hom opgegaan het na Yerushalayim.

- 42 Toe dit aand geword het en omdat dit die voorbereiding was, net voor die Shabbat,
- 43 kom daar 'n geëerde lid van die Joodse raad, Yosef van Ramatayim, wat self ook die Koninkryk van God verwag het en gaan openlik na Pilatos om die liggaam van Yeshua te vra.
- 44 Pilatos het gewonder of dit genoeg tyd was vir Hom om dood te wees en hy het die kaptein oor 'n honderd geroep en navraag gedoen of Hy reeds dood is
- 45 en toe hy dit van die kaptein oor 'n honderd verneem het, het hy die liggaam aan Yosef gegee.
- 46 Yosef het linne gekoop, Hom afgehaal, in die linne toegedraai en Hom neergelê in 'n graf wat uitgekop was in 'n rots en hy het 'n klip voor die opening van die graf gerol.
- 47 Miryam van Migdala en Miryam, die moeder van Yosi, het gesien waar Hy neergelê is.
- 16** 1 Toe die Shabbat verby was, het Miryam van Migdala, Miryam, die moeder van Ya'akov en Shalomé, soet speserye gekoop om Hom te gaan salf.
- 2 Baie vroeg op die eerste dag van die week, met die opkoms van die son, kom hulle by die graf
- 3 en hulle sê vir mekaar: "Wie sal vir ons die klip voor die opening van die graf wegrol,"
- 4 want dit was baie groot. Toe hulle opkyk, sien hulle dat die klip weggerol is.
- 5 Hulle het in die graf ingegaan en 'n jongman, met 'n lang wit kleed, aan die regterkant sien sit en hulle was verskrik,
- 6 maar hy sê vir hulle: "Moenie bang wees nie. Julle soek Yeshua van Natzeret wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie! Let op, die plek waar Hy neergelê was,
- 7 maar gaan sê vir Sy studentevolgelinge en vir Kefa, let op, Hy sal voor julle uitgaan na die Galila. Daar sal julle Hom sien, net soos Hy vir julle gesê het."
- 8 Toe hulle dit hoor, het hulle vinnig uitgegaan en weggehardloop van die graf af, maar in skok en met bewing het hulle vir niemand iets gesê nie, want hulle was bang.
- 9 Nadat Hy opgestaan het, het Hy vroeg op die eerste dag van die week eerste aan Miryam van Migdala, uit wie Hy sewe demone gedryf het, verskyn.
- 10 Sy het gegaan en dit vertel aan die wat saam met Hom was terwyl hulle treur en huil
- 11 en toe hulle hoor dat hulle sê dat Hy lewe en aan hulle verskyn het, het hulle dit nie geglo nie.
- 12 Hierna het Hy op 'n ander manier verskyn aan twee van hulle terwyl hulle na 'n dorpie toe geloop het. Luk 24:13
- 13 Hulle het gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie.
- 14 Daarna het Hy aan die elf verskyn toe hulle by die tafel skuins gelê het en die gebrek aan hulle vertroue en hardheid van verstand veroordeel omdat hulle die wat Hom vroeër gesien het, nie geglo het nie

15 en Hy het vir hulle gesê: “Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping.” Mat 28:19; Luk 24:46

16 Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel.

17 Hierdie tekens sal dié wat vertrou vergesel: in My Karakter en Outoriteit sal hulle demone uitdryf, met nuwe tale sal hulle praat,

18 hulle sal slange optel (hulle vyande hanteer) en as hulle iets giftigs drink, sal dit hulle geen kwaad aandoen nie. Hulle sal die hande lê op siekes en hulle sal gesond word.”

19 Nadat Yeshua, ons Meester, met hulle gepraat het, het Hy opgegaan na die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God Ps 110:1; Mar 14:62

20 en hulle het uitgegaan en in elke plek verkondig en ons Meester het hulle gehelp en die boodskap bevestig deur die tekens wat hulle gedoen het.

Die derde boek van die Nuwe Verbond
Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf
deur Luka, 'n mediese dokter.

Luka

לוקאס

{ Helder, wit, liggewend }
(Lukas)

Dit is in die Siries-Aramese dialek geskryf voor
die vernietiging van Yerushalayim. Luka was 'n
Arameessprekende van Sirië.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Aangesien baie begerig was om 'n weergawe op te stel oor die dinge waarvan ons oortuig is,
- 2 soos die dinge wat aan ons oorgedra is deur hulle wat van die begin af ooggetuies en bedienaars van die boodskap was,
- 3 het ek dit ook goedgevind, omdat ek almal van hulle versigtig genader het sodat ek alles in sy regte plek vir u kon neerskryf, hoogerbare Theofilos
- 4 sodat u die waarheid kan ken oor hierdie dinge aangaande die boodskap waarin u onderrig is.
- 5 In die dae van Herodes, koning van Y'hudah, was daar 'n sekere priester met die naam van Z'kharyah, uit die afdeling van die huis van Aviyah en sy vrou, haar naam was Elish'va, uit die nageslag van Aharon.
- 6 Hulle was albei onskuldig voor God en het in al die opdragte en oordele van יהוה onberispelik geleef.
- 7 Hulle het nie 'n seun gehad nie omdat Elish'va onvrugbaar was en albei was al vergevorderd in jare.
- 8 Dit was terwyl hy sy priesterlike funksie voor God uitgevoer het, toe dit sy afdeling se beurt was,
- 9 dat hy deur die lot verkies is (volgens die priesterlike gebruik) om in te gaan in die tempel van יהוה en wierook te brand
- 10 en die hele skare mense was buite besig om te bid op die tyd wat die wierook aangesteek word.
- 11 Daar verskyn toe aan Z'kharyah 'n boodskapper van יהוה, aan die regterkant van die wierookaltaar.
- 12 Z'kharyah was ontsteld toe hy hom sien; vrees het hom oorval
- 13 en die boodskapper sê vir hom: "Moenie bang wees nie Z'kharyah, want jou gebed is gehoor; jou vrou Elish'va sal vir jou geboorte gee aan 'n seun en jy moet hom Yoganan noem
- 14 en daar sal vir jou blydschap en vreugde wees en baie sal bly wees oor sy geboorte,
- 15 want hy sal groot wees voor יהוה. Hy mag geen wyn en sterk drank drink nie en hy sal, reeds vanaf sy moeder se baarmoeder af, vol wees van die Gees wat Afgesonderd is
- 16 en hy sal baie van die seuns van Yisra'el laat terugdraai na יהוה, hulle God
- 17 en hy sal voor Hom uitgaan in die gees en die krag van Eliyahu, ^{Mat 11:14; 17:12; Mar 9:13} die profeet, om die verstand, wil en emosie van die vaders terug te draai ^{Mal 3:24} na die seuns en dié wat nie oortuig is nie, tot die kennis van die Regverdige Een, om vir יהוה 'n volk voor te berei wat volmaak is." ^{Mat 5:48}
- 18 Z'kharyah sê vir die boodskapper: "Hoe sal ek weet dat dit so is, want ek is oud en my vrou is al vergevorderd in jare?"
- 19 Die boodskapper antwoord en sê vir hom: "Ek is Gavri'el, wat in die Teenwoordigheid van God staan ^{Open 8:2} en ek is gestuur om met jou te praat en vir jou hierdie boodskap te bring.

- 20 Van nou af sal jy stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur omdat jy my woorde, wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie.”
- 21 Die mense wat buite staan het vir Z’kharyah gewag en het gewonder oor die vertraging in die tempel,
- 22 maar toe hy uitkom en nie met hulle kon praat nie, het hulle verstaan dat hy ’n visioen in die tempel ervaar het. Hy het stom gebly en aangehou om deur tekens en gebare met hulle te kommunikeer.
- 23 Toe die tydperk van sy diens vervul is, het hy huis toe gegaan.
- 24 Dit was na hierdie tyd dat Elish’va, sy vrou, swanger geword en haarself vir vyf maande afgesonder en gesê het:
- 25 “Hierdie dinge het יהוה vir my op hierdie tyd gedoen toe Hy besluit het om my vernedering voor die mense weg te vat.”
- 26 In die sesde maand is die boodskapper Gavri’el vanaf die Teenwoordigheid van God gestuur na ’n dorp in die Galila met die naam van Natzeret,
- 27 na ’n maagd wat verloof was aan ’n man met die naam van Yosef, van die huis van Dawid; die maagd se naam was Miryam.
- 28 Die boodskapper het haar genader en gesê: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, hoogs geëerde vrou! Ons Meester is met jou; onder die vroue is jy geseënd.”
- 29 Toe sy hom sien, was sy hoogs ontsteld oor sy woorde en sy het geredeneer: “Wat se groet is dit?”
- 30 Die boodskapper sê vir haar: “Moenie bang wees nie, Miryam, want jy het onverdiende guns by God gevind,
- 31 want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan ’n Seun en die Naam wat jy Hom moet gee, is Yeshua.
- 32 Hy sal magtig wees en die Seun van Ha’Elyon (die Allerhoogste) genoem word en יהוה-God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee
- 33 en Hy sal heers oor die huis van Ya’akov tot in ewigheid en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie.” Ps 110; 2 Sh’m 7:16; Yeg 37:24-25
- 34 Miryam sê vir die boodskapper: “Hoe kan dit wees, aangesien ’n man nie ’n verbondsverhouding met my het nie?”
- 35 Die boodskapper antwoord haar en sê: “Die Gees wat Afgesonderd is, sal oor jou kom, die wonderwerkende krag van Ha’Elyon (die Allerhoogste) sal op jou rus en daarom sal die Afgesonderde wat uit jou gebore word, Seun van God genoem word.
- 36 Let op, Elish’va, jou bloedverwant, is self ook swanger met ’n seun in haar hoë ouderdom en hierdie is die sesde maand vir haar wat onvrugbaar genoem is
- 37 omdat niks vir God onmoontlik is nie.”
- 38 Miryam antwoord: “Let op, ek is die slavin van יהוה. Laat dit gedoen word met my soos u gesê het.” Die boodskapper het van haar af weggegaan.
- 39 In daardie tyd het Miryam opgestaan, haastig na ’n dorp in die bergstreek van Y’hudah gegaan
- 40 en sy het in die huis van Z’kharyah ingegaan en Elish’va gegroet met vrede.
- 41 Dit was toe Elish’va Miryam se groet hoor dat die baba in haar baarmoeder gespring het en Elish’va is gevul met die Gees wat Afgesonderd is

- 42 en het met 'n harde stem uitgeroep en vir Miryam gesê: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug wat in jou baarmoeder is
- 43 en vanwaar is dit vir my dat die moeder van my Meester na my toe kom?
- 44 Let op, toe die geluid van jou groet in my ore kom, het die baba in my baarmoeder gespring van vreugde
- 45 en gelukkig is sy wat vertrou het dat dit wat vanuit die Teenwoordigheid van יהוה aan haar gesê is, vervul sal word."
- 46 Miryam het gesê: "My verstand, wil en emosie maak יהוה groot
- 47 en my gees spring van vreugde oor God, my Verlosser
- 48 omdat Hy die nederige stand van sy slavin raakgesien het, want let wel, van nou af sal al die geslagte my gelukkig noem,
- 49 want Hy wat magtig is, doen groot dinge aan my. Afgesonderd is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)
- 50 en Sy liefdevolle omgee is vir altyd, van geslag tot geslag vir dié wat Hom respektvol vrees. ^{Ps 103:17; 111:9}
- 51 Hy het oorwinning gebring deur Sy arm. Hy verstrooi dié wat trots is in die opinies van hulle verstand, wil en emosie.
- 52 Hy gooi magtiges neer van trone af en het die nederiges opgelig.
- 53 Hy het die wat honger is, gevul met goeie dinge en stuur rykes weg met leë hande.
- 54 Hy het Sy dienskneg, Yisra'el, gehelp en het Sy aktiewe omgee onthou
- 55 soos Hy vir ons vaders gesê het; aan Avraham en sy nageslag tot in ewigheid."
- 56 Miryam het ongeveer drie maande by Elish'va gebly en teruggegaan na haar huis toe.
- 57 Dit was tyd dat Elish'va sou geboorte gee en sy het geboorte gegee aan 'n seun.
- 58 Toe haar bure en familie gehoor het dat die Meester se liefdevolle omgee groot was vir haar, was hulle verheug saam met haar
- 59 en op die agtste dag het hulle gegaan om die kind te besny en hulle wou hom Z'kharyah noem, na die naam van sy vader
- 60 en sy moeder antwoord en sê: "Nee, hy moet Yoganan genoem word."
- 61 Hulle sê vir haar: "Daar is niemand in jou familie wat hierdie naam genoem word nie."
- 62 Hulle beduie vir sy vader om te bepaal hoe hy wou hê dat hy genoem moes word.
- 63 Hy vra toe 'n skryfbord en skryf: "Yoganan is sy naam." Almal was verwonderd
- 64 en onmiddellik is sy mond en sy tong geopen en het hy goed gepraat van God
- 65 en daar het 'n respektvolle vrees gekom oor almal wat rondom hulle gewoon het en in al die berge van Y'udah het hulle gepraat oor al hierdie dinge.
- 66 Almal wat dit gehoor het, het dit in hulle gedagtes oordink: "Wat gaan hierdie seun word?" Die hand van יהוה was met hom.
- 67 Z'kharyah, sy vader, is gevul met die Gees wat Afgesonderd is en het geprofeteer en gesê:
- 68 "Geseënd is יהוה, die God van Yisra'el, ^{Ps 41:14; 72:18; 106:48} wat Sy volk besoek en hulle losgekoop het

69 en 'n horing van bevryding vir ons opgewek het in die huis van Dawid, Sy dienskneg,
70 net soos Hy gesê het deur die mond van Sy afgesonderde profete van ouds af aan:
71 dat Hy ons van ons vyande en uit die hand van almal wat ons haat sal red.
72 Hy het Sy liefdevolle omgee vir ons vaders gewys en Sy afgesonderde verbond onthou;
73 die eed wat Hy gesweer het aan Avraham, ons vader, om aan ons te gee:
74 dat Hy ons sal red uit die hand van ons vyande en dat ons sonder vrees voor Hom sal aanbid,
75 al ons dae, in regverdigheid, afgesonderdheid en onpartydige opregtheid.
76 Jy, seun, sal 'n profeet van Ha'Elyon (die Allerhoogste) genoem word, want jy sal voor die Teenwoordigheid van יהוה ^{Yes 40:3; Mat 3:3} uitgaan om Sy pad voor te berei
77 sodat Hy die kennis van lewe kan gee aan Sy mense in die vergifnis van hulle sondes, ^{Open 22:14}
78 deur die onverdiende omgee van ons God waarin die Manifestasie vanaf die hemel ons sal besoek,
79 om te skyn oor dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood sit sodat Hy ons voete kan begelei op die pad van vrede.”
80 Die kind het gegroei, is versterk in die Gees en hy het in die wildernis gebly tot op die dag van sy openbare verskyning aan Yisra'el.

2 1 Dit het gebeur in daardie dae dat daar ook 'n bevel uitgegaan het vanaf keiser Augustos dat al die lande in sy ryk opgeskryf moes word.
2 Hierdie eerste sensus het plaasgevind toe Quirinus geheers het oor Sirië
3 en almal het gegaan, elkeen om in sy stad geregistreer te word.
4 Yosef het ook opgegaan vanaf die stad Natzeret, in die Galila, na die stad van Dawid, in Y'hudah, wat Beit-Legem genoem word omdat hy van die huis en geslag van Dawid was,
5 om hom daar te laat registreer saam met Miryam, sy bruid, wat swanger was.
6 Dit was so dat terwyl hulle daar was, die tyd vervul is dat sy geboorte moes gee
7 en sy het geboorte gegee aan haar eersgebore Seun en Hom in doeke toegedraai en Hom in 'n krip neergelê omdat daar vir hulle geen plek was om in oor te bly nie.
8 Daar was skaapwagters wat in die streek gebly het en in die nag oor hulle skape wag gehou het
9 en let op, daar staan 'n boodskapper van יהוה by hulle en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het oor hulle geskyn en hulle was baie bang.
10 Die boodskapper sê vir hulle: “Moenie bang wees nie, want let op, ek verkondig aan julle groot vreugde wat vir die ganse heelal sal wees,
11 want vandag is vir julle die Verlosser, wat Die Meester, dié Gesalfde Een is, in die stad van Dawid gebore
12 en dit is vir julle die teken: julle sal 'n Baba kry wat in doeke toegedraai in 'n krip lê.”
13 Skielik verskyn daar saam met die boodskapper 'n groot leermag uit die hemel, wat lofprijsing tot God uitroep en sê:

- 14 “Eer, lof en aanbidding aan God in die hemele en op aarde: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en goeie nuus aan die mense!”
- 15 Dit was terwyl die boodskappers van hulle af weggegaan het na die hemel dat die skaapwagters onder mekaar gepraat en gesê het: “Laat ons na Beit-Legem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat יהוה aan ons bekend gemaak het.”
- 16 Hulle het haastig gegaan en vir Yosef en Miryam gevind, saam met die Kind wat in die krip lê
- 17 en nadat hulle dit gesien het, het hulle die boodskap wat aan hulle bekend gemaak is aangaande Hom, dié Kind, bekend gemaak
- 18 en almal wat dit gehoor het, het hulle verwonder oor wat die skaapwagters aan hulle vertel het,
- 19 maar Miryam het al hierdie woorde bewaar en in haar gedagtes oordink.
- 20 Die skaapwagters het teruggegaan en God geëer, geloof en geprys vir alles wat hulle gehoor en gesien het, net soos aan hulle gesê is.
- 21 Toe die agt dae vervul is waarop hulle die Kind moes besny, het hulle Hom Yeshua genoem, die Naam wat deur die boodskapper gegee is voor Sy vorming in die baarmoeder
- 22 en sodra die dae van haar reiniging, volgens die wet van Mosheh, vervul was, het hulle Hom na Yerushalayim gevat om Hom op te dra voor יהוה,
- 23 net soos geskrywe is in die wet van יהוה: “Elke manlike kind wat die baarmoeder open, sal afgesonderd vir יהוה genoem word” ^{Eks 13:2, 12, 15}
- 24 en om die offer te bring volgens wat gesê is in die wet van יהוה: “’n paar tortelduiwe of twee jong duiwe.” ^{Lev 12:8}
- 25 Daar was ’n man in Yerushalayim met die naam van Shim’on en hierdie man was regverdig, onpartydig opreg en het die Troos van Yisra’el verwag en die Gees wat Afgesonderd is, was op hom.
- 26 Die Gees wat Afgesonderd is, het aan hom openbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy dié Gesalfde Een van יהוה gesien het nie.
- 27 Gelei deur die Gees het hy in die tempel gekom en die ouers ontmoet wat die Kind, Yeshua, ingebring het om met Hom te doen volgens die opdrag van die wet
- 28 en hy het Hom in sy arms geneem en goed gepraat van God en gesê:
- 29 “Nou my Meester, laat U slaaf in vrede gaan, volgens U woord,
- 30 let op, my oë het U Omgee gesien;
- 31 Hom wat U voorberei het in die teenwoordigheid van al die volke;
- 32 ’n Lig vir openbaring aan die ander nasies en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid aan U volk, Yisra’el.”
- 33 Yosef en Sy moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is
- 34 en Shim’on het hulle geseën en vir Miryam, Sy moeder gesê: “Let op, hierdie Een is bestem vir die val en opstaan van baie in Yisra’el en bestem as ’n Teken wat weerspreek sal word,
- 35 maar ’n spies sal deur jou eie gees gaan sodat die gedagtes, wil en emosies van baie openbaar kan word.”

- 36 'n Profetes, Hannah, die dogter van P'nu'el, uit die stam van Asher, was baie ver gevorderd in jare en het van haar huwelik af sewe jaar lank saam met haar man gelewe;
- 37 sy was 'n weduwee van ongeveer vier en tagtig jaar. Sy het nie die tempel verlaat nie en met vas en gebed, nag en dag gedien.
- 38 Sy het in dieselfde uur daar gestaan en יהוה gedank en aangaande Hom gepraat met almal wat die bevryding van Yerushalayim verwag het.
- 39 Toe hulle alles voltooi het wat volgens die wet van יהוה was, het hulle teruggegaan na die Galila, na hulle dorp Natzeret
- 40 en die Seun het gegroei en sterk geword in die Gees en Hy is gevul met wysheid en die onverdiende guns van God was op Hom.
- 41 Sy mense het elke jaar met die fees van Pesag na Yerushalayim gegaan
- 42 en toe Hy 'n Seun van twaalf jaar oud was, het hulle, soos hulle gewoon was, na die fees opgegaan.
- 43 Nadat die tyd van die fees vir hulle verby was en hulle besig was om terug te gaan, het die Seun, Yeshua, in Yerushalayim agtergebly en Yosef en sy moeder het dit nie geweet nie,
- 44 maar hulle het gedink dat Hy by die seuns van hulle vriende was en het 'n dagreis ver gegaan voordat hulle Hom onder die familie en die bekendes gesoek het.
- 45 Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle teruggegaan na Yerushalayim, Hom gesoek
- 46 en na die derde dag het hulle Hom in die tempel gekry terwyl Hy tussen die leermeesters sit en na hulle luister en hulle uitvra
- 47 en almal wat Hom gehoor het, was verwonderd oor Sy insig en Sy redevoerings.
- 48 Toe hulle Hom sien, was hulle verslae en Sy moeder sê vir Hom: "My Seun, waarom maak Jy so met ons? Let op, Jou vader en ek het Jou in benoudheid gesoek."
- 49 Hy sê vir hulle: "Hoekom is dit dat u na My gesoek het? Het u nie geweet dat Ek in die huis van My Vader besig moet wees nie?"
- 50 Hulle het die stelling wat Hy teenoor hulle gemaak het, nie verstaan nie
- 51 en Hy het saam met hulle gegaan en in Natzeret gekom en Hy was gehoorsaam aan hulle. ^{Heb 4:15; 5:8} Sy moeder het al hierdie woorde in haar verstand, wil en emosie bewaar
- 52 en Yeshua het gegroei in liggaam, in wysheid en in aanvaarding by God en die mense. ^{Spr 3:4}
- 3** 1 Tydens die vyftiende jaar van die regering van keiser Tiberius; toe Pontios Pilatos goewerneur was van Y'udah, Herodes (heerser oor 'n kwart van die land) van die Galila en Filippos, sy broer, (heerser oor 'n kwart van die land) van Ituraia en die streek Tragonitus en Lisantias (heerser oor 'n kwart van die land) van Abilene,
- 2 toe Hanan en Kayafa leierpriesters was, was die woord van God op Yoganan, die seun van Z'kharyah, in die wildernis
- 3 en hy het gekom na die hele gebied rondom die Yarden en die doop van berou, belydenis en laat staan tot vergifnis van sondes verkondig, ^{Hand 19:3,4}
- 4 soos geskrywe is in die boek van die woorde van Yesha'yahu, die profeet, waar hy sê: "Die stem wat uitroep: 'Berei die pad van יהוה in die wildernis en maak 'n pad vir ons God reguit op die vlakte. ^{Yes 40:3; Mal 3:1; Mat 3:3; Mar 1:3}

- 5 Elke vallei moet opgevul en elke berg en hoë plek gelyk gemaak word, die rowwe plekke sal glad wees en die moeilike plekke, 'n vlakke
- 6 en almal sal die Lewe van God sien'." ^{Yes 40:3-5}
- 7 Hy sê vir die skares mense wat uitgegaan het om deur hom gedoop te word: "Addergeslag! Wie het julle gewaarsku om te vlug van die wraak wat kom?
- 8 Dra daarom vrugte wat by die berou en belydenis pas en moenie begin om by julleself te sê: 'Avraham is ons vader' nie, want ek sê vir julle dat God die vermoë het om uit hierdie klippe seuns vir Avraham te laat opstaan.
- 9 Let op, die byl lê ook alreeds teen die wortel van die bome. Elke boom wat daarom nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en val in die vuur."
- 10 Die skare mense het hom gevra en gesê: "Wat moet ons dus doen?"
- 11 Hy antwoord en sê vir hulle: "Wie twee kledingstukke het, moet gee aan hom wat nie het nie en wie kos het, moet dieselfde doen."
- 12 Belastinggaarders het ook gekom om gedoop te word en vir hom gevra: "Leermeester, wat moet ons doen?"
- 13 Hy antwoord hulle: "Moenie meer verwag as wat vir julle voorgeskryf is om in te vorder nie."
- 14 Die soldate het hom ook gevra en gesê: "En ons, wat moet ons doen?" Hy sê vir hulle: "Julle moet niemand seermaak of onreg aandoen nie en wees tevrede met julle salaris."
- 15 Wanneer die mense aan Yoganan gedink het, het almal in hulle verstand, wil en emosie bereken of Yoganan nie miskien dié Gesalfde Een was nie.
- 16 Yoganan antwoord en sê vir hulle: "Let op, ek doop julle met water, maar Hy kom wat kragtiger is as ek, wie se sandaalbande ek nie waardig is om los te maak nie; Hy sal julle doop in die Gees wat Afgesonderd is en in vuur;
- 17 Hy wat 'n hooivurk in Sy hand hou, Sy dorsvloer deeglik skoonmaak en die koring bymekaarmaak in Sy skure, maar die kaf met 'n onuitblusbare vuur verbrand."
- 18 Net so het hy ook baie ander dinge geleer en hy het die goeie boodskap aan die mense verkondig,
- 19 maar toe Herodes, (heerser oor 'n kwart van die land), deur hom tereggewys is oor Herodias, die vrou van Filippus, sy broer en oor al die bose dinge wat hy gedoen het,
- 20 het hy by alles nog bygevoeg om vir Yoganan in die tronk op te sluit.
- 21 Dit het gebeur dat, tydens die tyd toe hy al die mense gedoop het, hy Yeshua ook gedoop het. Terwyl Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan
- 22 en die Gees wat Afgesonderd is het in fisiese vorm, soos 'n duif, ^{Mat 3:16; Mar 1:10} op Hom neergedaal en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: "Jy is My Seun, wat Ek lief het; ^{Luk 3:38; Rom 8:29; 1 Kor 15:45; 2 Kor 6:18} oor Wie Ek tevrede is." ^{Heb 1:5}
- 23 Yeshua self was omtrent dertig jaar oud en Hy is beskou as die seun van Yosef, die seun van 'Eli,
- 24 die seun van Mattat, die seun van Levi, die seun van Malki, die seun van Yannai, die seun van Yosef,
- 25 die seun van Mattityahu, die seun van Amotz, die seun van Nagum, die seun van Gesli, die seun van Naggai,

- 26 die seun van Magat, die seun van Mattityahu, die seun van Shim'i, die seun van Yosef, die seun van Y'hudah,
 27 die seun van Yoganan, die seun van Reisha, die seun van Z'rubavel, die seun van Sh'altiel, die seun van Neriya,
 28 die seun van Malki, die seun van Addi, die seun van Kosam, die seun van Elmodam, die seun van `Er,
 29 die seun van Y'hoshe, die seun van `Eli'ezer, die seun van Yoram, die seun van Mattat, die seun van Levi,
 30 die seun van Shim'on, die seun van Y'hudah, die seun van Yosef, die seun van Yonan, die seun van Elyakim,
 31 die seun van Mal'ah, die seun van Manah, die seun van Mattatah, die seun van Natan, die seun van Dawid,
 32 die seun van Yishai, die seun van `Oved, die seun van Bo'az, die seun van Salmon, die seun van Nagshon,
 33 die seun van `Amminadav, die seun van Aram, die seun van Hetzron, die seun van Peretz, die seun van Y'hudah,
 34 die seun van Ya'akov, die seun van Yitz'gak, die seun van Avraham, die seun van Terag, die seun van Nagor,
 35 die seun van S'rug, die seun van Re'u, die seun van Peleg, die seun van `Ever, die seun van Shelag
 36 die seun van Kenan, die seun van Arpakhshad, die seun van Shem, die seun van Noag, die seun van Lemekh,
 37 die seun van Metushelag, die seun van Hanokh, die seun van Yered, die seun van Mahalal'el, die seun van Kenan,
 38 die seun van Enosh, die seun van Shet, die seun van Luk 3:22; Rom 8:29; 1 Kor 15:45; 2 Kor 6:18 Adam, die seun van God.

- 4** 1 Yeshua, vol van die Gees wat Afgesonderd is, het teruggekeer van die Yarden af en is deur die Gees in die wildernis ingelei,
 2 waar Hy veertig dae lank deur die valse aanklaer getoets is. Hy het niks geëet in dié dae nie en na afloop van dié tydperk, was Hy honger.
 3 Die teëstander sê vir Hom: “As Jy die Seun van God is, sê vir hierdie klip om brood te word.”
 4 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is geskrywe dat die mens nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke verklaring van God.” Deut 8:3
 5 Die teëstander vat Hom op teen 'n hoë berg (hoë punt van menslike ambisie) en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oogwink
 6 en die teëstander sê vir Hom: “Ek sal vir Jou al hierdie outoriteit en eer, lof en aanbidding gee, want dit is aan my oorgegee en ek gee dit aan wie ek wil.
 7 As Jy voor my neerval in aanbidding, sal alles Joune wees.”
 8 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Daar is geskrywe: ‘Jy moet יהוה, jou God, aanbid en Hom alleen dien’.” Deut 6:13-14; 10:20; Mat 4:10
 9 Hy bring Hom na Yerushalayim en laat Hom staan op die hoogste punt van die tempel en sê vir Hom: “As Jy die Seun van God is, gooi Jouself hiervandaan af,

- 10 want daar is geskrywe: 'Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U om U te beskerm;
- 11 hulle sal U op die hande dra sodat U nie U voet teen 'n klip stamp nie'. ” Ps 91:11-12
- 12 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is gesê: ‘Jy mag יהוה, jou God, nie toets nie’.”
Deut 6:16
- 13 Toe die teëstander klaar was met al sy versoekings, het hy van Sy Teenwoordigheid af weggegaan vir 'n tyd.
- 14 Yeshua het in die krag van die Gees na die Galila teruggegaan en 'n verslag oor Hom het deur die hele streek uitgegaan
- 15 en Hy het in hulle byeenkomste geleer en almal het Hom geloof.
- 16 Hy kom in Natzeret waar Hy groot geword het en soos Hy gewoon was, gaan Hy op die Shabbat na die bymekaarkomplek en staan op om te lees
- 17 en die boekrol van die profeet Yesha'yahu is aan Hom gegee en toe Hy die boekrol oopmaak, vind Hy die plek waar geskrywe is:
- 18 “Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; Hy het My gestuur om die wat gebroke is van verstand, wil en emosie te genees; om aan die wat gevangenes is vryheid te verkondig en aan blindes herstel van sig; om die wat depressief is, te herstel met vergifnis en
- 19 om 'n tydperk aanvaarbaar vir יהוה aan te kondig.” Yes 61:1-2
- 20 Hy het die boekrol opgerol en aan die assistent gegee en gaan sit, maar die oë van almal in die bymekaarkomplek was vasgenael op Hom.
- 21 Hy begin en sê vir hulle: “Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.”
- 22 Almal het daartoe getuig en was verwonderd oor die woorde van onverdiende guns wat uit Sy mond kom en hulle sê: “Is Hy nie die seun van Yosef nie?”
- 23 Yeshua sê vir hulle: “Julle sal sonder twyfel vir My hierdie idioom aanhaal: ‘Geneesheer, genees Uself!’ Alles wat ons hoor wat U in K'far-Nagum gedoen het, doen dit hier in U tuisdorp ook.”
- 24 Hy sê ook: “Dit is waar, Ek sê vir julle, geen profeet is aanvaar in sy tuisdorp nie,
- 25 maar waarlik, Ek sê vir julle, daar was baie weduwees in Yisra'el in die tyd van Eliyahu toe die hemel toegesluit was vir drie jaar en ses maande, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land
- 26 en Eliyahu is nie na een van hulle gestuur nie, maar na 'n weduwee in Tzarfat in Tzidon.
- 27 Daar was baie melaatses in Yisra'el in die tyd van die profeet Elisha en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Na'aman, die Arameër.”
- 28 Almal in die bymekaarkomplek is met woede gevul toe hulle dit hoor
- 29 en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gelei tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou is, om Hom van die rand af te gooi,
- 30 maar Hy het in die middel, reg deur hulle, geloop en weggegaan.
- 31 Hy het afgegaan na K'far-Nagum, 'n stad in die Galila en hulle op die Shabbat geleer
- 32 en hulle was verwonderd oor Sy lering, want Hy het met outoriteit gepraat.

- 33 In die bymekaarkomplek was daar 'n man met 'n onrein demoniese gees en hy het met 'n harde stem geskree
- 34 en gesê: "Los ons uit! Wat het Jy met ons te doen, Yeshua van Natzeret? Het jy gekom om ons uit te wis? Ek weet Wie Jy is: die Afgesonderde Een van God!"
- 35 Yeshua het dit bestraf en gesê: "Hou jou mond toe en gaan uit hom uit!" Die demoon het hom tussen hulle neergegooi en uit hom uitgegaan sonder om hom seer te maak.
- 36 'n Verbaasdheid kom oor almal en hulle praat onder mekaar en sê: "Watter woord is dit: dat Hy met outoriteit en mag die vuil geeste beveel en hulle gaan uit!"
- 37 Daar het 'n verslag aangaande Hom uitgegaan na die ganse omliggende gebied.
- 38 Toe Hy uit die bymekaarkomplek uitgegaan het, het Hy in Shim'on se huis gekom. Shim'on se skoonmoeder het 'n baie hoë koors gehad en hulle het Hom gevra vir haar onthalwe
- 39 en Hy het oor haar gaan staan en die koors bestraf. Dit het haar verlaat en sy het onmiddellik opgestaan en hulle bedien.
- 40 Toe die son ondergaan, het almal hulle siekes, wat met allerhande siektes siek was, na Hom toe gebring. Hy het op almal van hulle die hand gelê en hulle gesond gemaak
- 41 en demone het ook uit baie uitgegaan en geskree en gesê: "Jy is dié Gesalfde Een, die Seun van God!" Hy het hulle bestraf en hulle nie toegelaat om te sê dat hulle geweet het dat Hy dié Gesalfde Een is nie.
- 42 Met die breking van die dag het Hy uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en die mense het Hom gesoek en by Hom gekom en wou Hom teëhou sodat Hy nie vanuit hulle midde sou weggaan nie,
- 43 maar Yeshua het vir hulle gesê: "Dit is op My gelê om ook aan die ander stede die goeie boodskap van die Koninkryk van God te bring, want dit is waarom Ek gestuur is."
- 44 Hy het in die bymekaarkomplekke van die Galila die boodskap verkondig.
- 5** 1 Dit het gebeur dat die skare mense rondom Hom bymekaargekom het om die boodskap van God te hoor. Hy het langs die meer van Gennesar gestaan
- 2 en Hy het twee bote langs die meer gesien lê en die vissers wat van hulle afgekom het, was besig om die nette te was.
- 3 Hy het in een van die bote, wat aan Shim'on Kefa behoort het, geklim en hom gevra om 'n entjie van die land af weg te vaar en Hy het gaan sit en die mense vanuit die boot geleer.
- 4 Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Shim'on: "Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak vir 'n vangs."
- 5 Shim'on antwoord en sê vir Hom: "Leermeester, ons het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie, maar op U woord sal ek die net laat sak."
- 6 Toe hulle dit gedoen het, het hulle 'n baie groot hoeveelheid visse gevang, tot hulle net wou skeur

- 7 en hulle wys vir hulle medewerkers in die ander boot om hulle te kom help en toe hulle gekom het, het hulle altwee die bote so vol gemaak dat hulle amper gesink het.
- 8 Toe Shim'on Kefa dit sien, val hy neer by die voete van Yeshua en sê: "Ek smeeek van U my Meester, gaan weg van my, want ek is 'n sondaar!"
- 9 'n Diepe respek het hom en almal wat by hom was aangegryp, oor die hoeveelheid vis wat hulle gevang het
- 10 en net so ook vir Ya'akov en Yoganan, die seuns van Zavdai, wat Shim'on se medewerkers was en Yeshua sê vir Shim'on: "Moenie bang wees nie; van nou af sal jy mense vang tot verlossing."
- 11 Hulle het die bote aan land gebring, alles agtergelaat en Hom gevolg.
- 12 Terwyl Yeshua in een van die dorpe was, kom daar 'n man, oortrek met melaatsheid en toe hy Yeshua sien, val hy op sy gesig en smeeek Hom en sê: "My Meester, as U wil, kan U my reinig."
- 13 Yeshua steek Sy hand uit en raak hom aan en sê: "Ek wil, wees gereinig!" In 'n oomblik het die melaatsheid van hom af weggegaan en hy was rein
- 14 en Hy beveel hom om dit aan niemand te vertel nie, maar, sê Hy: "Gaan wys jouself aan die priester, vir hulle tot 'n getuienis en offer vir jou reiniging, net soos Mosheh beveel het."
- 15 Sy bekendheid het al hoe meer versprei en groot groepe mense het bymekaargekom om te luister na Hom en deur Hom van hulle siektes gesond gemaak te word,
- 16 maar Hy het Hom na verlate plekke onttrek en gebid.
- 17 Dit het op een van die dae toe Yeshua besig was om te leer en Fariseërs en leraars van die wet uit al die dorpe van die Galila, Y'hudah en uit Yerushalayim daar gesit het, gebeur dat die krag van יהוה om te genees daar was.
- 18 Manne het 'n verlamde man op 'n draagbaar gebring en hulle het 'n plek gesoek om hom in te bring en voor Hom neer te sit
- 19 en toe hulle nie 'n pad kon vind om hom in te bring nie, as gevolg van die menigte mense, klim hulle op die dak en laat hom met die bed, deur die teëls, tussen hulle in, voor Yeshua afsak.
- 20 Toe Yeshua hulle vertrouwe sien, sê Hy vir die verlamde man: "Man, jou sondes is vir jou vergewe."
- 21 Die leraars van die wet en die Fariseërs het dit ernstig oordink en gesê: "Wie is Hy wat so kwaadpraat van God? Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?"
- 22 Yeshua het hulle gedagtes geken en Hy antwoord en sê vir hulle: "Wat bedink julle in jul gedagtes?
- 23 Wat is makliker, om te sê: 'Jou sondes is vir jou vergewe;' of om te sê: 'Staan op en loop?'
- 24 Sodat julle egter kan sien dat die Seun van die mens outoriteit het om op aarde sondes te vergewe," sê Hy vir die verlamde man: "Ek sê vir jou, staan op, tel jou draagbaar op en gaan na jou huis toe."
- 25 Hy staan toe onmiddellik voor hulle op, tel die draagbaar waarop hy gelê het op en gaan na sy huis toe terwyl hy God loof.

- 26 Verwondering het almal aangegryp. Hulle het God geloof, is met respekvolle vrees vervul en het gesê: “Ons het vandag wonders gesien.”
- 27 Ná hierdie dinge het Yeshua uitgegaan en ’n belastinggaarder, met die naam van Levi, by die belastinghuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My”
- 28 Hy het alles agtergelaat, opgestaan en Hom gevolg.
- 29 Levi het ’n groot ontvangs vir Hom in sy huis gegee en daar was ’n groot skare belastinggaarders en ander wat saam met hulle aan tafel aangesit het.
- 30 Die leraars van die wet en die Fariseërs het by Sy studentevolgelinge gekla en gesê: “Waarom eet en drink julle saam met die belastinggaarders en sondaars?”
- 31 Yeshua antwoord hulle en sê: “Die wat gesond is, het die dokter nie nodig nie, maar die wat siek is of siek word.
- 32 Ek het nie gekom om onskuldiges te roep nie, maar sondaars tot erkenning, berou en omkeer.”
- 33 Hulle sê vir Hom: “Waarom vas en bid Yoganen se studentevolgelinge getrou; so ook dié van die Fariseërs, maar U s’n eet en drink?”
- 34 Hy sê vir hulle: “Kan julle die bruidshulp dan laat vas solank as die Bruidegom by hulle is?”
- 35 Daar kom egter ’n tyd wanneer die Bruidegom van hulle af weggevat sal word; dan sal hulle vas, in daardie tyd.”
- 36 Hy het vir hulle ’n vergelykende storie vertel: “Niemand skeur ’n strook van ’n nuwe kleeft af en sit dit op ’n ou kleeft sodat die nuwe nie geskeur word en die oue nie herstel word nie.
- 37 Niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke skeur en dit sal uitloop en die sakke sal ook vernietig wees,
- 38 maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word en altwee word bewaar.
- 39 Niemand wat ou wyn gedrink het, wil dadelik nuwe wyn hê nie, want hy sê: ‘Die oues is soet’.”
- 6** 1 Dit was op die Shabbat dat Yeshua deur die graan geloop het. Sy studentevolgelinge het are gepluk en met hulle hande uitgevryf en geëet.
- 2 Sommige van die Fariseërs sê vir hulle: “Hoekom doen julle dit wat nie toegelaat is om op die Shabbat gedoen te word nie?”
- 3 Yeshua antwoord hulle en sê: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy honger was nie, hy en die wat by hom was,
- 4 hoe hy in die huis van God ingegaan en die brode van die tafel van לחם gevat en geëet het en ook aan die wat by hom was, gegee het, wat nie reg was dat hulle dit mag eet nie, maar net die priesters alleen?”
- 5 Hy sê vir hulle: “Die Seun van die mens is die Meester van die Shabbat.”
- 6 Dit het gebeur op ’n ander Shabbat dat Hy weer in die bymekaarkomplek ingegaan en geleer het en daar was ’n man en sy regterhand was uitgedroog.
- 7 Die leraars van die wet en die Fariseërs het Hom dopgehou, of Hy op die Shabbat sou gesond maak sodat hulle Hom kon beskuldig,
- 8 maar Hy het hulle planne geken en sê vir die man met die verdorde hand: “Kom hier na die middel toe” en hy het daar kom staan.

- 9 Yeshua sê vir hulle: “Ek vra vir julle wat is reg om op die Shabbat te doen: om goed te doen of kwaad; om ’n lewe te red of te vernietig?”
- 10 Hy het na hulle almal gekyk en vir hom gesê: “Maak reguit jou hand,” en hy steek dit uit en sy hand is herstel, soos die ander een,
- 11 maar hulle is met jaloesie vervul en het onder mekaar bespreek wat hulle met Yeshua moet doen.
- 12 Dit het in daardie dae gebeur dat Yeshua uitgegaan het na ’n berg om te bid en Hy was die hele nag in gebed tot God
- 13 en toe dit dag geword het, het Hy Sy studentevolgelinge na Hom toe geroep en twaalf uit hulle gekies, wat Hy afgevaardigdes genoem het:
- 14 Shim’on, wat Hy Kefa genoem het en Andréas, sy broer; Ya’akov en Yoganan; Filippos en die seun van (Bar-)Talmi;
- 15 Mattityahu en T’oma; Ya’akov die seun van Halfai en Shim’on wat Yweraar genoem word;
- 16 Y’hudah, die seun van Ya’akov en Y’hudah van K’riot, wat die verraaier geword het.
- 17 Yeshua het saam met hulle afgeklim en in die vallei gaan staan en daar was ’n menigte van Sy studentevolgelinge en ’n groot menigte mense van die hele Y’hudah, Yerushalayim en van die kus van Tzor en Tzidon af
- 18 wat gekom het om Sy boodskap te hoor en van hulle siektes gesond gemaak te word en ook die wat lastig geval was deur onrein geeste, is genees.
- 19 Al wat die skare begeer het, was om aan Hom te raak omdat krag voortdurend uit Hom uitgegaan en almal gesond gemaak het.
- 20 Toe slaan Hy sy oë op oor Sy studentevolgelinge en sê: “Uitermate gelukkig is julle, armes, want aan julle behoort die Koninkryk van God.
- 21 Uitermate gelukkig is julle wat nou huil, want julle sal lag. Uitermate gelukkig is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word.
- 22 Uitermate gelukkig is julle wanneer die mense julle haat en wanneer hulle julle verdeel, uitsluit, oenteer en julle karakter en outoriteit verwerp as sleg, ter wille van die Seun van die mens.
- 23 Verheug jou in daardie dag en spring op van vreugde, want julle beloning is groot in die hemel, want hulle vaders het net so aan die profete gedoen!
- 24 Wee julle, rykes, want julle het jul vertroosting ontvang.
- 25 Wee julle wat versadig is, want julle sal honger ly. Wee julle wat nou lag, want julle sal treur en huil.
- 26 Wee julle wanneer die mense alles wat goed is van julle praat, want hulle vaders het die vals profete net so behandel,
- 27 maar Ek sê vir julle wat luister, julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan dié wat julle haat.
- 28 Seën dié wat julle vervloek en bid oor die wat julle met geweld wegvat.
- 29 Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied en aan hom wat jou klere vat, moet jy ook die bo-kleed nie weier nie. Yes 50:6; Kla 3:30
- 30 Gee aan almal wat jou iets vra en eis jou goed nie terug van hom wat dit vat nie.

- 31 Net soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle ook aan hulle doen.
- 32 As julle dié lief het wat julle lief het, watter goedheid het julle, want die sondaars het ook dié lief wat vir hulle lief het?
- 33 As julle goed doen aan die wat julle goed behandel, watter goedheid het julle, want die sondaars doen ook dieselfde?
- 34 As julle leen aan dié van wie julle hoop om terug te ontvang, watter soort goedheid het julle? Selfs die sondaars leen ook aan die sondaars, om dieselfde terug te ontvang.
- 35 Julle moet julle vyande liefhê en hulle goed behandel, uitleen en nie iemand se verwagting afsny nie en julle beloning sal groot wees en julle sal seuns van die Allerhoogste (Ha'Elyon) wees, want Hyself is welwillend teenoor ongelowiges en hulle wat boos is.
- 36 Gee liefdevol om, net soos julle Vader ook liefdevol omgee.
- 37 Julle moenie oordeel nie, dan sal julle nie geoordeel word nie. Julle moenie veroordeel nie, dan sal julle nie veroordeel word nie. Spreek vry en julle sal vrygespreek word.
- 38 Gee en aan julle sal gegee word, 'n goeie maat wat ingestamp en oorlopend is, sal hulle in julle skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."
- 39 Hy het vir hulle 'n vergelykende storie vertel: "Is dit moontlik vir 'n blinde om 'n blinde te lei? Sal albei van hulle nie in 'n sloot val nie?
- 40 Daar is nie 'n studentevolging groter as sy leermeester nie. Elkeen wat volmaak maak is, sal soos sy leermeester wees. ^{Mat 5:48}
- 41 Hoekom merk jy die splinter op in die oog van jou broer, maar die balk in jou eie oog, is nie vir jou duidelik nie?
- 42 Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'My broer, laat my toe om die splinter wat in jou oog is, uit te haal,' maar let op, die plank wat in jou oog is, sien jy nie? Toneelspelers van 'n vals karakter, haal eers die plank uit jou oog uit, dan sal vir jou die vermoë gegee word om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.
- 43 Dit is nie 'n goeie boom wat slegte vrugte dra nie en ook nie 'n slegte boom wat goeie vrugte dra nie,
- 44 want elke boom word geken aan sy vrugte omdat hulle nie vye pluk van dorings nie en hulle pluk ook nie druiwe van 'n bos nie.
- 45 Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy verstand, wil en emosie te voorskyn wat goed is en die bose mens bring uit die bose skat van sy verstand, wil en emosie te voorskyn wat boos is, want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die lippe.
- 46 Hoekom noem julle My: 'My Meester, my Meester,' en doen nie wat Ek sê nie?
- 47 Elke persoon wat na My toe kom, My boodskap gehoor het en dit doen; Ek sal julle wys soos wie hy is:
- 48 hy is soos 'n man wat 'n huis bou, wat diep gegrawe en die fondament op die rots gelê het en toe daar 'n vloed kom slaan die vloed teen die huis aan en kon dit nie skud nie, want sy fondament was op die rots.

49 Hy wat dit hoor en dit nie doen nie, is soos 'n man wat 'n huis sonder fondament op die grond bou en toe die rivier daarteen slaan, het dit in 'n oomblik geval en die val van daardie huis was groot.”

- 7 1 Nadat Hy klaar gepraat het met die mense, het Hy K'far-Nagum binnegegaan.
2 Die slaaf van 'n sekere kaptein oor 'n honderd, wat vir hom kosbaar was, was baie siek en het op sterwe gelê.
3 Hy het van Yeshua gehoor en oudstes van die Jode na Hom toe gestuur met die versoek dat Hy moes kom en die lewe van sy slaaf moes red.
4 Toe hulle by Yeshua kom, het hulle Hom ernstig versoek en gesê: “Hy is waardig dat U dit vir hom doen,
5 want hy het ons volk lief en het self die bymekaarkomplek vir ons gebou.”
6 Yeshua het saam met hulle gegaan, maar toe Hy nie ver van die huis af was nie, stuur die kaptein oor 'n honderd vriende na Hom om vir Hom te sê: “My Meester, moenie moeite doen nie, want ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie;
7 daarom het ek my ook nie by regte geag om na U te gaan nie, maar sê 'n woord en my dienskneg sal gesond word,
8 want ek is ook 'n man wat onder outoriteit gesit is en ek het soldate onder my en vir hierdie een sê ek: ‘Gaan!’ en hy gaan en vir 'n ander een: ‘Kom!’ en hy kom en vir my slaaf: ‘Doen dit!’ en hy doen dit.”
9 Toe Yeshua dit hoor, het Hy hom verwonder oor hom en Hy draai Hom om en sê vir die mense wat saam met Hom loop: “Ek sê vir julle, selfs nie in Yisra'el het Ek so 'n groot vertrouwe gekry nie.”
10 Toe die wat gestuur was, teruggaan in die huis, vind hulle die siek slaaf reeds gesond.
11 Dit het gebeur dat Hy, Sy studentevolgelinge en 'n skare mense saam met Hom, die volgende dag na 'n dorp met die naam van Na'in gegaan het.
12 Toe Hy die poort van die dorp nader, sien Hy daar word 'n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder, 'n weduwee en baie mense van die dorp was saam met haar.
13 Yeshua het haar gesien en het liefdevol omgee vir haar en vir haar gesê: “Moenie huil nie!”
14 Hy het nadergegaan, die draagbaar aangeraak en die draers het gaan staan en Hy sê: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op!”
15 Hy wat dood was het regop gesit, begin praat en Hy het hom vir sy moeder gegee.
16 Respekvolle vrees het almal aangegryp en hulle het God vereer, geloof en aanbid en gesê: “'n Groot profeet het tussen ons opgestaan en God het Sy volk besoek.”
17 Hierdie boodskap aangaande Hom het uitgegaan in die hele Y'udah en in die omliggende gebied.
18 Die studentevolgelinge van Yoganen het hom oor al hierdie dinge ingelig
19 en Yoganen het twee van sy studentevolgelinge na hom toe geroep en hulle na Yeshua gestuur om te vra: “Is U die Een wat sou kom, of moet ons vir 'n ander een wag?”

- 20 Die manne het by Hom gekom en vir Hom gesê: “Yoganan die Doper het ons na U gestuur en gevra: ‘Is U die Een wat sou kom, of moet ons vir ’n ander Een wag?’”
- 21 In daardie uur het Hy baie mense genees van siektes, plaes, bese geestes en aan baie blindes hulle sig gegee.
- 22 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Gaan vertel aan Yoganan alles wat julle gesien en gehoor het: ^{Yes 26:19; 35:5-6; 61:1} hulle wat blind was, sien; hulle wat lam was, loop; hulle wat melaats was, word gereinig; hulle wat doof was, hoor; hulle wat dood was, staan op; aan hulle wat arm is, word die goeie boodskap verkondig
- 23 en geseënd is hy wat nie oor My aanstoot neem nie.”
- 24 Nadat die boodskappers van Yoganan weggegaan het, begin Hy om vir die mense aangaande Yoganan te sê: “Wat het julle uitgegaan om in die wildernis te sien? ’n Riet wat deur die wind geskud word?
- 25 Wat het julle egter uitgegaan om te sien? ’n Man aangetrek in sagte klere? Let op, die wat eerbare klere het en in luuksheid leef, is in die huis van ’n koning.
- 26 Andersins, wat het julle uitgegaan om te sien? ’n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, nog baie meer as ’n profeet!
- 27 Dit is hy van wie daar geskrywe is: ‘Let op, Ek stuur My boodskapper voor U Teenwoordigheid uit, wat U pad voor U voorberei.’ ^{Mal 3:1}
- 28 Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, is daar geen profeet groter as Yoganan, die Doper, nie, maar die kleinste in die Koninkryk van God is groter as hy.”
- 29 Al die mense wat dit gehoor het, asook die belastinggaarders, het deurdat hulle hulle laat doop het met die doop van Yoganan, dit as reg verklaar,
- 30 maar die Fariseërs en die leraars van die wet het God se wil verwerp in hulle verstand, wil en emosie, want hulle is nie deur hom gedoop nie.
- 31 “Waarmee sal Ek daarom die mense van hierdie geslag vergelyk en soos wie is hulle?”
- 32 Hulle is net soos seuns wat in die strate sit en na hulle vriende roep en sê: ‘Ons het vir julle gesing en julle het nie gedans nie; ons het vir julle geskreeu en julle het nie gehuil nie,’
- 33 want Yoganan, die Doper, het gekom en het nie brood geëet of wyn gedrink nie en julle sê: ‘Hy het ’n demoon.’
- 34 Die Seun van die mens het gekom en Hy eet en drink en julle sê: ‘Let op, dié Mens is ’n vraat en ’n wynsuiper, ’n vriend van belastinggaarders en sondaars.’
- 35 Wysheid word regverdig deur sy werke.”
- 36 Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet en Hy het in die huis van die Fariseër gegaan en aan tafel gaan skuinslê.
- 37 ’n Vrou in die stad, ’n sondaar, wat agtergekom het dat Hy in die Fariseër se huis bly, het ’n albaste fles met geparfumeerde olie gebring
- 38 en agter Hom by sy voete gaan staan en gehuil en Sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare op haar kop en sy het Sy voete gesoen en met gegeurde olie gesalf.

- 39 Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, het hy in homself gedink en gesê: “As Hy ’n profeet was, sou Hy geweet het wie sy, wat Hom aanraak, is en wat haar reputasie as sondares is.”
- 40 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Shim’on, Ek het iets om aan jou te sê.” Hy sê vir Hom: “Leermeester, sê dit.”
- 41 Yeshua sê vir hom: “Twee skuldenaars het ’n landeienaar geld geskuld; die een het vyf honderd denarii geskuld en die ander een vyftig,
- 42 maar hulle kon dit nie betaal nie en hy het albei vrygeskeld. Wie sê jy, sal daarvolgens, hom die meeste liefhê?”
- 43 Shim’on antwoord en sê: “Ek veronderstel dié een wie hy die meeste vrygeskeld het” en Hy antwoord hom: “Jy het reg geoordeel.”
- 44 Hy draai na die vrou toe en sê vir Shim’on: “Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis ingekom; jy het nie water vir My voete gegee nie, maar sy het met haar trane My voete natgemaak en met die hare van haar kop afgedroog.
- 45 Jy het My nie ’n soen gegee nie, maar let op, vandat sy ingekom het, het sy nie opgehou om My voete te soen nie.
- 46 Jy het nie My kop met olyfolie gesalf nie, maar sy het My voete met gegeurde olie gesalf;
- 47 daarom sê Ek vir jou dat haar baie sondes vergewe is, want sy het baie liefgehad, maar hy vir wie ’n bietjie vergewe is, het minder lief.”
- 48 Hy sê vir daardie vrou: “Jou sondes is vir jou vergewe.”
- 49 Toe begin die wat aan tafel was, in hulleself sê: “Wie is hierdie wat selfs sondes vergewe?”
- 50 Yeshua sê vir die vrou: “Jou vertrouwe het vir jou lewe gegee; gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.”
- 8** 1 Dit was na hierdie dinge dat Yeshua rondgereis het deur stede en dorpe en Hy het die boodskap verkondig, die Koninkryk van God aangekondig en die twaalf was saam met Hom,
- 2 asook vroue wat genees was van beseerde geeste en siektes: Miryam, wat van Migdala gekom het, uit wie sewe demone uitgegaan het,
- 3 Yoganah, die vrou van Kuza, ’n kommissaris van Herodes, Shoshanah en baie ander wat Hom met hulle eie besittings bedien het.
- 4 Toe daar ’n groot groep mense vergader wat uit die verskillende stede na Hom toe gekom het, sê Hy vir hulle deur ’n vergelykende storie:
- 5 “’n Saaier het uitgegaan om sy saad te saai en terwyl hy saai, val sommige aan die kant van die pad en is vertrap en ’n voël het dit opgeëet.
- 6 Ander saad het op die rots geval en onmiddellik ontkiem en toe verdroog omdat dit geen vog gehad het nie.
- 7 Ander saad het tussen die dorings geval en die dorings het saam gegroei en het dit versmoor.
- 8 Ander saad het in die goeie en uitstekende grond geval en ontkiem en honderdvoudige vrug gelever.” Nadat Hy dit gesê het, roep Hy uit: “Wie ’n oor het wat wil hoor, laat hom luister!”

- 9 Sy studentevolgelinge het Hom gevra en gesê: “Wat is hierdie vergelykende storie?”
- 10 Hy antwoord: “Aan julle is gegee om die geheime van die Koninkryk van God te ken, maar met die ander word deur vergelykende stories gepraat sodat hulle, kykende, nie sien nie en horende, nie verstaan nie.” ^{Yes 6:9}
- 11 Hierdie is die vergelykende storie: die saad is die boodskap van God.
- 12 Dié langs die pad is hulle wat hoor. Daarna kom die vyand en vat die boodskap uit hulle verstand, wil en emosie weg sodat hulle nie vertrou en sal lewe nie.
- 13 Dié op die rots is hulle wat die boodskap met vreugde ontvang wanneer hulle dit hoor, maar hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir ’n tyd vertrou en in die tyd van toetsing val hulle weg.
- 14 Wat in die dorings geval het, is die wat gehoor het en hulle gaan weg en word versmoor deur die bekommernisse, rykdom en begeertes van die wêreld en dra geen vrugte nie.
- 15 Wat in die vrugbare grond val; dit is dié wat die boodskap met ’n skoon en goeie verstand, wil en emosie hoor en daaraan vashou en voortdurend vrugte dra met geduld.
- 16 Niemand steek ’n lamp aan en bedek dit met ’n houder of sit dit onder ’n bed nie, maar hy sit dit op ’n lampstaander sodat almal wat inkom, die lig kan sien,
- 17 want daar is niks bedek wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en openbaar word nie.
- 18 Wees daarom versigtig hoe julle luister, want wie ook al het, aan hom sal gegee word en elkeen wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook dit wat hy dink hy het.”
- 19 Sy moeder en broers het na Hom toe gekom en weens die skare mense kon hulle nie met Hom praat nie.
- 20 Hulle sê vir Hom: “U moeder en U broers staan buite en wil U sien,”
- 21 maar Hy antwoord en sê vir hulle: “Hierdie is My moeder en My broers, hulle wat die boodskap van God hoor en dit doen.”
- 22 Dit was op een van dié dae dat Hy en Sy studentevolgelinge in ’n boot geklim en Hy vir hulle gesê het: “Laat ons oorgaan na die oorkant van die meer.”
- 23 Terwyl hulle seil, het Yeshua geslaap en daar was ’n stormwind oor die meer en die boot was in gevaar om te sink.
- 24 Hulle het gekom en Hom wakker gemaak en gesê: “Ons Meester, ons Meester, ons word vernietig!” Hy het opgestaan en die wind en die golwe van die see bestraf en hulle het opgehou en daar het ’n kalmte gekom. ^{Yes 51:15}
- 25 Hy sê vir hulle: “Waar is julle vertroue?” Hulle was egter in respekvolle vrees en verwonderd en het vir mekaar gesê: “Wie is Hy dan dat Hy ook die winde en die water beveel en hulle gehoorsaam Hom!”
- 26 Hulle het geseil en aangekom in die gebied van die Gadareners, wat oorkant die Galila is.
- 27 Toe Hy uitklim op die land, kom ’n sekere man uit die stad na Hom toe, wat vir ’n lang tyd ’n demon in hom gehad het, geen klere gedra het nie en ook nie in ’n huis gebly het nie, maar by die grafte.

- 28 Toe hy Yeshua sien, skree hy uit en val voor Hom neer en sê met 'n harde stem: "Wat het ek met U te doen, Yeshua, Seun van die Allerhoogste God? Ek smeek U, moet my nie straf nie,"
- 29 want Yeshua het die vuil gees beveel om uit die man uit te gaan. Dit was 'n lang tyd wat hy besete was en hulle het hom in kettings geboei en in voetboeie vasgemaak en hy het die kettings uitmekaar geruk en die demoon het hom na die wildernis gedryf.
- 30 Yeshua vra vir hom: "Wat is jou karakter en outoriteit?" Hy antwoord: "Legio," want baie demone het in hom ingegaan.
- 31 Hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die bodemlose put in te gaan nie.
- 32 Daar was 'n groot trop varke wat op die berg gewei het en hulle smeek Hom dat Hy hulle sou toelaat om in hulle in te gaan en Hy het hulle toegelaat.
- 33 Die demone het uit die man uitgegaan, in die varke in en dadelik het die trop van die oorhangsel af in die meer ingestorm en verdrink.
- 34 Toe die wagters sien wat gebeur het, het hulle gevlug en dit in die stad en in die omgewing gaan vertel.
- 35 Die manne het uitgegaan om te sien wat gebeur het en hulle het by Yeshua gekom en die man, uit wie die demone uitgegaan het, gesien sit by Yeshua se voete, aangetrek en by sy verstand en hulle het respekvol gevrees.
- 36 Die wat dit gesien het, het aan hulle vertel hoe die een wat deur demone beheer is, bevry is
- 37 en al die Gadareners het Hom gevra om van hulle af weg te gaan, want 'n groot vrees het hulle aangegryp. Yeshua het in die boot geklim en teruggegaan van hulle af weg.
- 38 Die man wat bevry is van die demone, het egter gepleit om by Hom te kan bly, maar Yeshua het hom laat gaan en gesê:
- 39 "Gaan terug na jou huis toe en vertel al die groot dinge wat God vir jou gedoen het." Hy het gegaan en deur die hele stad verkondig watter groot dinge Yeshua vir hom gedoen het.
- 40 Toe Yeshua terugkom, het 'n groot skare mense Hom ontvang, want hulle het na Hom gesoek.
- 41 'n Man met die naam van Ya'ir, hoof van die bymekaarkomplek, het voor die voete van Yeshua neergeval en Hom versoek om na sy huis toe te kom,
- 42 want sy enigste dogter, van ongeveer twaalf jaar oud, het op sterwe gelê. Terwyl Yeshua saam met hom gegaan het, het 'n groot skare mense om Hom aangedruk
- 43 en 'n sekere vrou, wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het en alles wat sy het aan dokters uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie,
- 44 het van agter af gekom en die bloulyn-soomtossel aan Sy kleed aangeraak en onmiddellik het haar vloei van bloed gestop.
- 45 Yeshua sê: "Wie het aan My geraak?" Toe almal dit ontken, sê Shim'on Kefa en die wat saam met hom was: "Ons Meester, die mense druk teen U aan en U sê: 'Wie is dit wat aan My geraak het?'"
- 46 Hy sê: "Iemand het aan My geraak, want Ek weet dat krag vanaf My uitgegaan het."

- 47 Toe die vrou sien dat dit nie Sy aandag ontsnap het nie, kom sy bang en val in erbetoning voor Hom neer en maak bekend voor al die mense waarom sy aan Hom geraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het.
- 48 Yeshua sê vir haar: “Wees bemoedig, My dogter, jou vertrouë het vir jou lewe gegee. Gaan in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.”
- 49 Terwyl Hy nog praat, kom daar ’n man van die huis van die hoof van die bymekaarkomplek af en sê vir hom: “U dogter is dood, moenie die Leermeester pla nie.”
- 50 Yeshua het dit gehoor en sê vir die vader van die meisie: “Moenie bang wees nie. Vertrou net en sy sal lewe.”
- 51 Yeshua het by die huis gekom en niemand toegelaat om saam met Hom in te gaan nie, behalwe Shim’on, Ya’akov, Yoganen en die vader en moeder van die meisie
- 52 en almal het gehuil en oor haar getreur, maar Yeshua sê: “Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar slaap.”
- 53 Hulle het vir Hom gelag, want hulle het geweet dat sy dood is.
- 54 Hy het almal uitgestuur na buite en haar aan haar hand vasgehou en na haar geroep en gesê: “Dogtertjie, staan op!”
- 55 Haar gees het teruggekom en sy het onmiddellik opgestaan. Hy het hulle beveel om vir haar kos te gee
- 56 en haar ouers was verstom, maar Hy het hulle gewaarsku om aan niemand te sê wat gebeur het nie.
- 9** 1 Yeshua roep die twaalf en gee aan hulle krag en outoriteit oor al die demone en siektes om die siekes gesond te maak
- 2 en Hy het hulle uitgestuur om die Koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak
- 3 en vir hulle gesê: “Vat niks saam nie; geen staf of beursie vir die pad, of brood of geld nie en moenie twee kledingstukke by julle hê nie.
- 4 In watter huis julle ook mag ingaan, bly dáár en gaan van dáár af uit
- 5 en as iemand julle nie ontvang nie, wanneer julle van daardie stad af weggaan, skud die stof van julle voete af, tot ’n getuienis teen hulle.”
- 6 Die afgevaardigdes het uitgegaan na die dorpe en stede en in elke plek die goeie boodskap verkondig en siekes gesond gemaak.
- 7 Herodes, die heerser oor ’n kwart van die land, hoor toe van al die dinge wat deur Hom gedoen is en hy was verwonderd daaroor omdat sommige gesê het dat Yoganen uit die dood uit opgestaan het,
- 8 maar ander dat Eliyahu verskyn het en ander dat een van die ou profete opgestaan het.
- 9 Herodes het gesê: “Yoganen het ek onthoof, maar wie is hierdie man van wie ek sulke dinge hoor?” Hy het begeer om Hom te sien.
- 10 Toe die afgevaardigdes terugkom, het hulle aan Yeshua alles wat hulle gedoen het vertel en Hy het hulle alleen na ’n verlate plek in die streek van Beit-Tzaidah gevat,

- 11 maar toe die mense dit te wete kom, het hulle Hom gevolg en Hy het hulle ontvang en met hulle gepraat oor die Koninkryk van God en die wat genesing nodig gehad het, gesond gemaak.
- 12 Toe die dag einde se kant toe staan, kom Sy studentevolgelinge na Hom toe en sê vir Hom: “Stuur die mense weg sodat hulle na die dorpe en plase in die omtrek kan gaan om te oornag en vir hulleself kos kan kry, want ons is hier in ’n verlate plek.”
- 13 Yeshua sê vir hulle: “Gee julle vir hulle kos,” maar hulle sê: “Daar is nie meer as vyf brode en twee visse by ons nie, tensy ons kos gaan koop vir al hierdie mense,”
- 14 want daar was omtrent vyf duisend mans, maar Hy sê vir Sy studentevolgelinge: “Laat hulle in groepe van vyftig sit.”
- 15 Sy studentevolgelinge het dit so gedoen en almal laat sit.
- 16 Yeshua vat die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel, seën dit, breek dit en gee dit aan die studentevolgelinge om aan die mense voor te sit
- 17 en hulle het almal geëet en is versadig en hulle het twaalf (12) mandjies vol van die oortollige stukke opgetel.
- 18 Toe Hy alleen was, besig om te bid, was die studentevolgelinge by Hom en Hy vra hulle en sê: “Wie sê die mense is Ek?”
- 19 Hulle antwoord en sê: “Yoganan, die Doper, ander weer Eliyahu, ander weer dat een van die ou profete opgestaan het.”
- 20 Hy sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?” Shim’on antwoord en sê: “dié Gesalfde Een van God!”
- 21 Hy het hulle ernstig gewaarsku om dit aan niemand te vertel nie.
- 22 Hy sê vir hulle: “Die Seun van die mens gaan baie ly en verwerp word deur die oudstes, leierpriesters en leraars van die wet, hulle sal Hom vermoor en op die derde dag sal Hy opstaan.”
- 23 Hy sê voor almal: “Wie ook al agter My aan wil kom, moet homself ontken en sy kruis elke dag opneem en My volg,
- 24 want wie sy lewe wil red, sal dit vernietig, maar hy wie se lewe om My ontwil vernietig word, hy sal dit red,
- 25 want watter voordeel is dit vir ’n mens as hy die hele wêreld verkry, maar sy lewe vernietig of verloor?
- 26 Wie hom ook al skaam vir My en My boodskap, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader en van die afgesonderde engele kom.
- 27 Ek sê vir julle in waarheid: daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Koninkryk van God gesien het nie.”
- 28 Dit het omtrent agt dae ná hierdie boodskap gebeur dat Hy vir Kefa, Yoganan en Ya’akov saamgeneem het teen ’n berg op om te bid
- 29 en terwyl Hy in gebed was, het die voorkoms van Sy gesig verander en Sy kleres het glansend wit geword.
- 30 Let op, twee manne het met Hom gepraat, hulle was Mosheh en Eliyahu.
- 31 Hulle het in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid verskyn en oor Sy weggaan, wat in Yerushalayim vervul sou word, gepraat,

- 32 maar Kefa en die wat saam met hom was, was deur die slaap en het met moeite wakker geword en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien en die twee manne wat by Hom staan.
- 33 Terwyl hulle van Hom af weggaan, sê Shim'on vir Yeshua: "Leermeester, dit is goed dat ons hier is; laat ons dan drie tente maak, een vir U, vir Mosheh een en een vir Eliyahu." Hy het nie geweet wat hy sê nie.
- 34 Nadat hy dit gesê het, kom daar 'n wolk en vorm 'n tent rondom hulle en hulle het bang geword toe hulle Mosheh en Eliyahu in die wolk sien ingaan.
- 35 Daar kom 'n Stem uit die wolk wat sê: "Hierdie is My Seun vir Wie Ek lief is; luister na Hom!"
- 36 Ná die stem, was Yeshua alleen en hulle het stilgebly en aan niemand in daardie dae enige iets vertel van wat hulle gesien het nie.
- 37 Dit het gebeur dat, toe hulle die volgende dag van die berg afkom, 'n groot skare mense Hom ontmoet.
- 38 'n Man roep vanuit die mense en sê: "Leermeester, ek smEEK U, herstel my seun tot my, want hy is my enigste.
- 39 'n Gees kom skielik oor hom en hy gil onverwags en kners op sy tande en hy word siek en dit gaan moeilik van hom af weg wanneer dit hom aanval
- 40 en ek het U studentevolgelinge gesmeek om dit uit te dryf en hulle kon nie."
- 41 Yeshua antwoord en sê: "O, korrupte geslag sonder vertroue, hoe lank sal Ek by julle wees en julle verdra? Bring jou seun hier."
- 42 Toe hy naderkom aan Hom, gooi die demoon hom neer en laat hom inmekaartrek en Yeshua het die vuil gees bestraf, die seun genees en hom aan sy vader teruggegee.
- 43 Almal was verwonderd oor die majesteit van God. Toe almal verwonderd was oor alles wat Yeshua gedoen het, sê Hy vir Sy studentevolgelinge:
- 44 "Laat die boodskap insink wat Ek in julle ore gee, want die Seun van die mens gaan oorgegee word in die hande van die mense."
- 45 Hulle het egter nie verstaan wat gesê is nie omdat dit vir hulle verborge was sodat hulle dit nie sou verstaan nie en hulle was bang om Hom iets te vra daaroor.
- 46 Daar het 'n debat onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste was,
- 47 maar Yeshua, wat die oorwegings van hulle verstand, wil en emosie geken het, neem 'n seun en laat dié by Hom staan
- 48 en sê vir hulle: "Wie dan 'n kind soos hierdie ontvang in My Karakter en Outoriteit, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het, want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees."
- 49 Yoganan antwoord en sê: "Ons Meester, ons het iemand gesien wat in U Karakter en Outoriteit 'n demoon uitdryf en ons het hom verbied omdat hy U nie saam met ons volg nie."
- 50 Yeshua sê vir hulle: "Moet hom nie verbied nie, want wie nie teen julle is nie, is vir julle."
- 51 Toe die dae van Sy opgaan nader kom, het Hy Homself voorberei om na Yerushalayim te gaan
- 52 en boodskappers voor Hom uitgestuur. Hulle het vertrek en in 'n dorp in Shomron ingegaan om vir Hom voor te berei

- 53 en hulle het Hom nie ontvang nie omdat Hy op pad was Yerushalayim toe.
- 54 Toe Sy studentevolginge, Ya'akov en Yoganan, dit sien, sê hulle: "Ons Meester, wil U hê ons moet vuur van die hemel af roep en hulle verteer, net soos Eliyahu gedoen het?" ^{2 Kon 1:9-16}
- 55 Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: "Julle weet nie van watter gees julle is nie,
- 56 want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewens te vernietig nie, maar om lewe te gee." Hulle het na 'n ander dorp gereis en
- 57 terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: "My Meester, ek sal saam met U gaan, waar U ook mag gaan!"
- 58 Toe sê Yeshua vir hom: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy kop kan neerlê nie."
- 59 Hy sê vir 'n ander een: "Kom, volg My," maar hy antwoord: "My Meester, laat my toe om eers my vader te gaan begrawe."
- 60 Yeshua sê vir hom: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan jy en kondig die Koninkryk van God aan."
- 61 'n Ander een sê vir Hom: "My Meester, ek sal U volg, maar laat my eers toe om tot siens te sê aan die seuns wat in my huis is."
- 62 Yeshua antwoord hom: "Niemand wat sy hand aan die ploeg of juk slaan en agtertoe kyk, is waardig vir die Koninkryk van God nie." ^{Gen 19:26}
- 10** 1 Ná hierdie dinge het Yeshua sewentig ander aangestel vanuit Sy studentevolginge en hulle twee-twee voor Hom uitgestuur na elke stad en plek waarheen Hy voorberei het om te gaan.
- 2 Hy sê vir hulle: "Die oes is groot en die werkers is min. Bid daarvolgens die Meester van die oes om arbeiders in Sy oes uit te stuur.
- 3 Let op, gaan! Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe.
- 4 Neem geen beurs of reissak of sandale nie en groet niemand op die pad nie,
- 5 maar in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: 'Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir hierdie huis'
- 6 en as daar 'n seun van vrede (harmonie) is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit na julle toe terugkom.
- 7 Bly dan in dieselfde huis en eet en drink wat hulle het, want die werker verdien sy loon. ^{Deut 25:4; 1 Kor 9:9; Gal 6:6; 1 Tim 5:18} Moenie wissel van huis tot huis nie
- 8 en in watter stad julle ook mag ingaan en hulle ontvang julle, eet wat aan julle voorgesit word
- 9 en genees die siekes wat daarin is en sê vir hulle: 'Die Koninkryk van God is naby julle,'
- 10 maar in watter stad julle ook al ingaan en hulle jul nie ontvang nie, gaan uit in sy strate en sê:
- 11 'Die stof wat uit julle stad aan ons vassit, vee ons vir julle af; meer nog moet julle dit weet: dat die Koninkryk van God naby julle gekom het.'
- 12 Ek sê vir julle: vir S'dom sal dit meer uithoudbaar wees in dié dag as vir daardie stad.

- 13 Wee jou, Korazin! Wee jou, Beit-Tzaidah! Want as die kragtige dade in Tzor en Tzidon gebeur het wat in julle plaasgevind het, het hulle lankal in sak en as gesit, hulle sonde besef en berou gehad,
- 14 maar vir Tzor en Tzidon sal dit in die oordeel meer uithoudbaar wees as vir julle.
- 15 Vir jou, K'far-Nagum, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot Sh'ol toe afgegooi word.
Yes 14:13,15
- 16 Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.” Rom 13:1,2; 1 Kor 11:3; Heb 13:17
- 17 Die sewentig wat Hy gestuur het, het met vreugde teruggekom en gesê: “Ons Meester, selfs die demone is onderworpe aan ons in U Karakter en Outoriteit.”
- 18 Hy sê egter vir hulle: “Ek het die teëstander soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.
- 19 Let op, Ek het vir julle die outoriteit gegee om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand en niks sal julle skade doen nie.
- 20 Meer nog, julle moenie bly wees dat die demone aan julle onderworpe is nie, maar wees bly dat julle name in die hemel opgeskryf is.”
- 21 Op daardie oomblik het Yeshua, deur die Gees wat Afgesonderd is, gesprong van vreugde en gesê: “Ek dank U, My Vader, Meester van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge weggesteek het vir wyse en slim mense en dit aan kinders openbaar het.
Yes 29:14 Ja, My Vader, want so was dit U wil.”
- 22 Hy het Hom omgedraai na Sy studentevolgelinge en vir hulle gesê: “Alles is aan My oorgegee deur My Vader en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar.”
- 23 Hy draai na Sy studentevolgelinge alleen en sê vir hulle: “Uitermate gelukkig is die oë wat sien wat julle sien,
- 24 want Ek sê vir julle, baie profete en konings het begeer om te sien wat julle sien en het dit nie gesien nie en om te hoor wat julle hoor en het dit nie gehoor nie.”
- 25 Let op, 'n sekere leraar van die wet het opgestaan om Hom te toets en gesê: “Leermester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?”
- 26 Yeshua sê vir hom: “Wat is in die wet geskryf? Hoe lees jy?”
- 27 Hy antwoord en sê vir Hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie en vanuit jou hele gees en vanuit al jou vermoëns en vanuit jou hele verbeelding en jou medemens net soos jouself.” Lev 19:18; Deut 6:5
- 28 Yeshua sê vir hom: “Jy het reg geantwoord; doen dit en jy sal lewe.”
- 29 Hy wou homself egter onskuldig verklaar en sê vir Hom: “En wie is my medemens?”
- 30 Yeshua sê vir hom: “'n Sekere man het afgegaan vanaf Yerushalayim na Yerigo en boewe het hom aangeval, hom beroof, geslaan en hom half dood gelos en weggegaan.
- 31 Dit het gebeur dat 'n sekere priester met daardie pad afgekom het en toe hy hom sien, het hy verbygegaan
- 32 en net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en verbygegaan,

- 33 maar 'n sekere man van Shomron wat op reis was, het op hom afgekom en toe hy hom sien, het hy vir hom omgee
- 34 en na hom toe gegaan, sy wou verbind en olyfolie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie dier geplaas en hom na 'n herberg gevat en vir hom gesorg.
- 35 Toe hy die volgende oggend weggaan, haal hy twee denarii uit en gee dit aan die herbergier en sê vir hom: 'Sorg vir hom en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.'
- 36 Daarvolgens, wie van hierdie drie, dink jy, was die medemens van hom wat onder die boewe verval het?"
- 37 Hy antwoord toe: "Hy wat vir hom omgee het." Yeshua sê vir hom: "Gaan en doen jy net so."
- 38 Dit was terwyl hulle gereis het dat hulle in 'n sekere dorp gekom en 'n vrou met die naam van Marta Hom in haar huis ontvang het.
- 39 Sy het 'n suster gehad met die naam van Miryam en dié het langs die voete van ons Meester gesit en na Sy boodskap geluister,
- 40 maar Marta was baie besig om gereed te staan om te bedien. Sy kom toe na Hom toe en sê: "My Meester, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help."
- 41 Yeshua antwoord en sê vir haar: "Marta, Marta, jy is bekommerd en omgekrap oor baie dinge,
- 42 maar een ding is nodig; Miryam het die voordelige deel vir haarself gekies, wat nie van haar wegeneem sal word nie."
- 11** 1 Hy was op 'n sekere plek besig gewees om te bid. Nadat Hy klaar gebid het, het een van Sy studentevolgelinge vir Hom gevra: "Ons Meester, leer ons bid, soos Yoganen ook sy studentevolgelinge geleer het."
- 2 Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê: Ons Vader wat in die hemel is,
- 3 U Karakter en Outoriteit bly afgesonderd; laat U Koninkryk kom; laat U besluite uitgevoer word, net soos in die hemel, so ook op die aarde; gee vir ons elke dag dié brood wat ons nodig het
- 4 en vergewe wat ons verkeerd gedoen het, want ons vergewe ook elkeen wat teenoor ons verkeerd doen en bring ons nie waar ons getoets word nie, maar bevry ons van die bese eie."
- 5 Hy sê vir hulle: "Wie van julle het 'n vriend en sal om middernag na hom toe gaan en vir hom sê: 'Vriend, leen my drie brode,
- 6 want 'n vriend van my wat op reis was, het by my aangekom en ek het niks om aan hom voor te sit nie.'
- 7 Die een aan die binnekant mag dalk antwoord en sê: 'Moenie my pla nie; let op, die deur is al gesluit en my seuns is al saam met my in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.'
- 8 Ek sê vir julle, al sou hy nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy volharding opstaan en hom gee soveel as wat hy nodig het.
- 9 Ek sê vir julle: hou aan vra en vir julle sal gegee word; hou aan soek en julle sal vind; hou aan klop en vir julle sal oopgemaak word,

- 10 want elkeen wat aanhou vra, ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.
- 11 Watter vader hier sal, as sy seun brood vra, vir hom 'n klip gee; of in plaas van 'n vis, vir hom 'n slang gee;
- 12 of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen gee?
- 13 As julle wat sleg is, weet om goeie geskenke vir julle seuns te gee, hoeveel te meer sal julle Vader die Gees wat Afgesonderd is vanaf die hemel gee aan die wat Hom vra?"
- 14 Toe Hy 'n stommakende demoon uitgedryf het, was dit dat, toe die demoon uitgaan, die stom man gepraat het en die mense was verwonderd,
- 15 maar sommige van hulle het gesê: "Deur Ba'al-Z'vuv, die heerser van die teëstanders, dryf Hy die demone uit."
- 16 Ander het Hom egter getoets en van Hom 'n teken uit die hemel verwag,
- 17 maar omdat Yeshua hulle gedagtes geken het, het Hy vir hulle gesê: "Elke realm wat teen homself verdeeld is, sal vernietig word en elke huis wat teen sy natuur verdeeld is, val.
- 18 As die teëstander teen homself verdeeld is, hoe kan sy koninkryk bly staan, want julle sê dat Ek deur Ba'al-Z'vuv die demone uitdryf?
- 19 Indien Ek deur Ba'al-Z'vuv die duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Hulle sal daarom julle regters wees,
- 20 maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die Koninkryk van God naby julle gekom.
- 21 Wanneer 'n sterk man, goed bewapen, sy huis bewaak, is sy besittings in vrede en oorvloed,
- 22 maar wanneer een kom wat sterker as hy is en hom oorwin, neem hy al sy wapens, waarop hy vertrou het, weg en deel sy buit uit.
- 23 Hy wat nie saam met My is nie, is teen My en hy wat nie saam met My bymekaarmaak nie, verstrooi.
- 24 Wanneer 'n vuil gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur droë plekke en soek rus en as hy dit nie vind nie, sê hy: 'Ek sal teruggaan na my huis vanwaar ek uitgegaan het.'
- 25 As hy kom en dit uitgevee en in orde vind,
- 26 dan gaan hy en bring sewe ander geeste, boser as hy self en hulle kom in en woon daar en die einde van daardie mens sal erger wees as die begin."
- 27 Terwyl Hy dit sê, het 'n vrou uit die mense met 'n harde stem vir Hom gesê: "Gelukkig is die baarmoeder wat U gedra het en die borste wat U gevoed het."
- 28 Hy sê vir haar: "Gelukkig is hulle wat die boodskap van God hoor en dit doen."
- 29 Toe die skare saamdrom, begin Hy en sê: "Hierdie geslag is boos; dit soek na 'n teken en geen teken sal aan hul gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah,
- 30 want net soos Yonah 'n teken geword het vir die mense van Ninveh, so sal die Seun van die mens ook wees vir hierdie geslag. ^{Mat 12:40}

- 31 Die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met die manne van hierdie geslag en hulle veroordeel, want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Shlomo te hoor en let op, meer as Shlomo is hier!
- 32 Die manne van Ninveh sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want hulle het deur die verkondiging van Yonah berou gehad en verander en let op, meer as Yonah is hier!
- 33 Niemand steek 'n lamp op en sit dit in 'n geheime plek of sit dit onder die mandjie nie, maar op die lampstaander sodat dié wat inkom, sy lig kan sien.
- 34 Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan helder is, is jou hele liggaam ook verlig, maar as dit boos is, is jou liggaam vol duisternis.
- 35 Wees versigtig dat die lig in jou nie duisternis is nie.
- 36 As jou hele liggaam dan vol lig is en nie enige deel het wat donker is nie, sal dit heeltemal helder wees en net soos 'n helder lamp vir jou lig gee."
- 37 Terwyl Hy praat, het 'n sekere Fariseër Hom genooi om by hom te kom eet en Hy het ingegaan en aan tafel gaan skuinslê.
- 38 Toe die Fariseër dit sien, was hy verwonderd omdat Hy nie voor die maaltyd eers gewas het nie,
- 39 maar Yeshua sê vir hom: "Nou, julle Fariseërs, julle maak die buitekant van die beker en die bord skoon, maar aan die binnekant is julle vol verkragting en boosheid.
- 40 Dwase, het Hy wat die buitekant gemaak het, nie die binnekant ook gemaak nie?
- 41 Nogtans, wat jy ook al het, gee dit as aalmoese en let op, alles sal vir jou rein wees.
- 42 Tog, wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement, wynruit (dille) en elke soort krui en julle ignoreer die regverdige oordeel en die liefde van God. Hierdie dinge moet julle doen sonder om die ander na te laat. Deut 14:22; Mat 23:23
- 43 Wee julle, Fariseërs, want julle is lief vir die eersteklas sitplekke in die bymekaarkomplekke en vir die openbare groete op straat.
- 44 Wee julle, leraars van die wet en Fariseërs, toneelspelers van 'n vals karakter, want julle is net soos versteekte grafte en die mense wat daaroor loop, weet dit nie."
- 45 Toe antwoord een van die kenners van die wet en sê vir Hom: "Leermeester, as U só praat, beledig U ons ook."
- 46 Hy sê: "Wee julle ook, kenners van die wet, want julle oorlaai die mense met laste wat pynlik is om te dra en self verroer julle nie een vinger om te help nie.
- 47 Wee julle, want julle bou die grafte van die profete en julle vaders het hulle gedood.
- 48 Julle gee hierdeur getuigenis van die dade van julle vaders en keur dit goed, want hulle het hul gedood en julle bou hulle grafte.
- 49 Die wysheid van God het daarom ook gesê: 'Ek sal profete en afgevaardigdes na hulle stuur en van dié sal hulle doodmaak en vervolg
- 50 sodat van hierdie geslag die bloed van al die profete wat vergiet is van die grondlegging van die wêreld af, opgeëis kan word.

51 Vanaf die bloed van Hevel tot by die bloed van Z'kharyah wat doodgemaak is tussen die altaar en die Afgesonderde plek.' Ja, Ek sê vir julle, dit sal opgeëis word van hierdie geslag. ^{2 Kro 24:20-22}

52 Wee julle, kenners van die wet, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie en julle het die wat wou ingaan, gekeer."

53 Nadat Hy dit aan hulle gesê het, het die leraars van die wet en die Fariseërs begin om ernstig aanstoot te neem aan Hom en Sy woorde verkleineer

54 en bedrieglik teenoor Hom opgetree op baie maniere terwyl hulle gesoek het na iets uit Sy mond sodat hulle Hom kon beskuldig.

12 1 Terwyl 'n groot menigte van mense bymekaargekom het sodat hulle mekaar vertrap het, begin Yeshua om vir Sy studentevolgelinge te sê: "Eerstens moet julle versigtig wees onder julleself vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is, hulle vals toneelspel.

2 Daar is niks weggesteek wat nie openbaar sal word nie en geheim wat nie bekend sal word nie.

3 Alles wat julle in die donker sal sê, sal in die lig gehoor word en wat julle in die binnekamers in die ore gefluister het, sal op die dakke verkondig word,

4 maar Ek sê vir julle, My vriende: moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie,

5 maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, die outoriteit het om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!

6 Word vyf mossies nie vir twee assarii verkoop nie? Nie een van hulle is voor God vergete nie,

7 maar selfs die hare van julle kop is almal getel. Wees dan nie bang nie: julle is meer werd as baie mossies.

8 Ek sê vir julle: 'elkeen wat My sal erken voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook erken voor die engele van God,

9 maar hy wat My ontken voor mense, sal ontken word voor die engele van God.

10 Elkeen wat 'n woord teen die Seun van die mens sal sê, dit sal hom vergewe word, maar vir hom wat sleg gepraat het teen die Gees wat Afgesonderd is, sal dit nie vergewe word nie.'

11 Wanneer hulle julle sal bring voor die vergaderings van die owerhede en die outoriteite, moet julle nie angstig wees oor hoe julle jul sal verdedig, of wat julle sal sê nie,

12 want die Gees wat Afgesonderd is, sal julle in daardie oomblik leer wat julle moet sê."

13 'n Man uit die skare sê vir Hom: "Leermeester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel."

14 Yeshua sê egter vir hom: "Man, wie het My as regter of verdeler oor julle aangestel?"

15 Hy sê vir Sy studentevolgelinge: "Wees versigtig vir begeerlikhede, want lewe bestaan nie uit die oorfloed van besittings nie."

- 16 Hy vertel vir hulle hierdie vergelykende storie: “ ’n Sekere ryk man se grond het baie voortgebring
- 17 en hy het by homself gedink en gesê: ‘Wat sal ek doen, want ek het geen plek waarin ek my oes kan bymekaarmaak nie?’
- 18 Hy sê: ‘Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter skure bou en ek sal al my opbrengste en my goed daarin bymekaarmaak
- 19 en ek sal vir myself sê: “Jy, jy het baie goed wat gestoor is en wat baie jare sal hou; rus, eet, drink en wees vrolik.”
- 20 God het egter vir hom gesê: ‘Jou dwaas, in hierdie nag sal jou gees van jou teruggeneem word en wat jy voorberei het, wie s’n sal dit wees?’
- 21 So gaan dit met hom wat vir homself skatte bymekaarmaak en nie ryk is in God nie.”
- 22 Hy het vir Sy studentevolgelinge gesê: “Ek sê daarom vir julle: moenie angstig wees oor julle lewe nie, oor wat julle sal eet, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie.
- 23 Die gees is belangriker as kos en die liggaam as klere.
- 24 Let op die kraaie, want hulle saai nie en hulle oes nie; hulle het geen opgaarplek of skuur nie en tog voed God hulle. Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie!
- 25 Wie onder julle kan, deur ywerig te wees, een el by sy lengte bysit?
- 26 As julle dan nie eens die kleinste kan doen nie, waarom probeer julle vir julleself sorg in die ander dinge?
- 27 Let op hoe die lelies groei: hulle werk nie en hulle spin nie en Ek sê vir julle, selfs Shlomo in al sy eer en lof was nie aangetrek soos een van hulle nie.
- 28 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ’n oond gegooi word, so aantrek, ^{Ps 103:15,16} hoeveel keer beter is Hy nie vir julle nie, julle met min vertroue!
- 29 Julle moet ook nie angstig wees oor wat julle sal eet of drink nie en julle moenie onrustig wees daaroor nie,
- 30 want al hierdie dinge soek die volke van die wêreld en julle Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het.
- 31 Soek in plaas daarvan die Koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir julle bygesit word.
- 32 Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit gewil om aan julle die Koninkryk te gee.
- 33 Verkoop julle besittings en gee aan die behoeftiges; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, belê in die onfeilbare in die hemel, waar geen dief naby kom of mot dit vernietig nie, ^{Ya’a 5:3}
- 34 want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees.
- 35 Laat julle heupe vasgegord wees en julle lampe aan die brand.
- 36 Julle moet wees soos mense wat op hulle meester wag wanneer hy van die huwelik af terugkom sodat as hy kom en klop, hulle dadelik vir hom kan oopmaak.
- 37 Baie gelukkig is daardie slawe vir wie hulle meester waaksaam sal vind as hy kom. Dit is waar, Ek sê vir julle, hy sal sy heupe vasgord en hulle aan tafel laat skuins lê en hulle kom bedien

- 38 en as hy in die tweede of in die derde wagskof kom, gelukkig is daardie slawe wat hy só kry,
- 39 maar verstaan dit: as die eienaar van die huis geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy waaksaam gewees het en nie in sy huis laat inbreek het nie.
- 40 Net so moet julle ook gereed wees omdat die Seun van die mens in 'n oomblik kom wanneer julle dit nie verwag nie.”
- 41 Shim'on Kefa sê vir Hom: “Ons Meester, vertel U hierdie vergelykende storie vir ons of ook vir almal?”
- 42 Yeshua sê vir hom: “Wie is dan die betroubare en wyse bestuurder wat die meester oor sy huishouding sal aanstel om vir hulle hul deel op die regte tyd te gee?
- 43 Baie gelukkig is daardie slaaf vir wie sy meester, as hy kom, só besig sal vind.
- 44 Waarlik, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel,
- 45 maar as daardie slaaf in sy hart sê: ‘My meester neem tyd om te kom’ en hy die diensknegte en diensmaagde begin slaan en begin eet, drink en dronk word,
- 46 dan sal die meester van daardie slaaf kom, op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en in 'n oomblik dat hy dit nie weet nie en hy sal hom afsny en sy deel bereken by dié sonder vertroue.
- 47 Daardie slaaf wat die wil van sy meester geken het en nie vir hom voorberei het volgens sy wil nie, sal met baie slaes geslaan word,
- 48 maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slaes verdien, sal min geslaan word en elkeen aan wie baie gegee is, van hom sal baie terug verwag word en aan hom wie hulle baie toevertrou het, van hom sal hulle baie meer vra.
- 49 Ek het gekom om vuur op die aarde te gooi ^{Yes 10:17} en Ek wens dat dit reeds gebrand het,
- 50 maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word en Ek is in 'n groot stryd totdat dit voltooi is! ^{Luk 22:42-44}
- 51 Dink julle dat Ek gekom het om vrede in die wêreld te bring? Nee, Ek sê vir julle, eerder verdeeldheid,
- 52 want van nou af sal daar verdeeldheid wees in 'n huis van vyf; drie teen twee en twee teen drie.
- 53 Die vader sal verdeeld wees teen die seun en die seun teen die vader; die moeder teen die dogter en die dogter teen die moeder; die skoonmoeder teen haar skoondogter en die skoondogter teen haar skoonmoeder.” ^{Mik 7:6}
- 54 Hy het ook vir die mense gesê: “Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: ‘Dit gaan reën’ en dit is so;
- 55 wanneer die suidewind waai, sê julle: ‘Dit sal warm wees’ en dit is so.
- 56 Toneelspelers van 'n vals karakter, die voorkoms van die aarde en die lug kan julle interpreteer, maar hoe is dit dat julle hierdie tye nie kan interpreteer nie?
- 57 Waarom onderskei julle nie ook vir julleself wat waarheid is nie?
- 58 Terwyl jy met jou aanklaer na die owerheid gaan, doen moeite op die pad om van hom af losgekoop te word sodat hy jou nie miskien voor die regter sleep en die regter jou oorgee aan die polisie en die polisie jou in die gevangenis gooi nie.
- 59 Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste lepton (kleinste geldstukkie) ook betaal het nie.”

- 13** 1 In dieselfde tyd was daar mense wat Hom vertel het van die mense van die Galila, wie se bloed Pilatos gemeng het met hulle offers
- 2 en Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dink julle dat hierdie manne van die Galila groter sondaars was as almal van die Galila omdat dit met hulle gebeur het?
- 3 Nee, Ek sê vir julle; intendeel, as julle nie berou toon en omdraai nie, sal julle almal net so vernietig word.
- 4 Of daardie agttien wat dood is toe die toring van Shiloag op hulle geval het; dink julle dat hulle meer sondig was as al die mense wat in Yerushalayim bly?
- 5 Nee, Ek sê vir julle; intendeel, as julle nie berou toon en omdraai nie, sal julle almal net so doodgaan.”
- 6 Hy het hierdie vergelykende storie vertel: “’n Sekere man het ’n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie.
- 7 Hy sê vir die wat die wingerd snoei: ‘Let op, vir drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Hoekom moet hy nog die grond onvrugbaar maak?’
- 8 ’n Snoeier sê egter vir hom: ‘Meester, laat hom nog een jaar staan terwyl ek hom snoei en kompos gooi
- 9 en miskien sal hy vrugte dra, anders kan u hom volgende jaar uitkap’.”
- 10 Terwyl Yeshua op die Shabbat in een van die bymekaarkomplekke geleer het,
- 11 was daar ’n vrou wat agttien jaar lank ’n gees van siekte gehad het. Sy was inmeekaargebuig en dit was vir haar onmoontlik om regop te kom.
- 12 Yeshua het haar gesien, haar geroep en vir haar gesê: “Vrou, jy is van jou stryd bevry.”
- 13 Hy het Sy hande op haar gelê en onmiddellik het sy regop gestaan en eer aan God gebring,
- 14 maar die hoof van die bymekaarkomplek, verontwaardig omdat Yeshua op die Shabbat gesond gemaak het, antwoord en sê vir die mense: “Daar is ses dae waarop ’n mens kan werk; kom dan op dié dae om gesond gemaak te word en nie op die Shabbat nie.”
- 15 Daarop antwoord Yeshua hom en sê: “Jou toneelspeler van ’n vals karakter, maak almal van julle nie op die Shabbat sy os of donkie van die krip af los en lei hom weg om te laat drink nie?
- 16 Hierdie is egter ’n dogter van Avraham, wat die teëstander, let op, agttien jaar lank gebind het. Is dit teen die wet dat sy op die Shabbat bevry word van hierdie band?”
- 17 Nadat Hy dit gesê het, het al sy teëstanders skaam geword en al die mense was verheug oor al die wonderwerke wat deur Sy hand gebeur het.
- 18 Yeshua het gesê: “Soos wat is die Koninkryk van God en waarmee sal Ek dit vergelyk?
- 19 Dit is soos ’n mosterdsaad wat ’n man gevat en in sy tuin geplant het en dit het gegroei en ’n groot boom geword en die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke.”

- 20 Weer het Yeshua gesê: “Waarmee sal Ek die Koninkryk van God vergelyk?
- 21 Dit is soos suurdeeg wat ’n vrou neem en in drie mate (13,5 liter) meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is.”
- 22 Hy het op Sy reis na Yerushalayim deur stede en dorpe gegaan en geleer.
- 23 ’n Man vra vir Hom of daar dan min is wat die Lewe het.
- 24 Yeshua sê vir hulle: “Stry hard om in te gaan deur die smal poort, want, sê Ek vir julle, baie sal probeer om in te gaan en sal nie kan nie.
- 25 Die tyd kom wat die Meester van die huis sal opstaan en die deur sluit en julle sal buite staan en begin om aan die deur te klop en te sê: ‘Ons Meester, ons Meester, maak vir ons oop.’ Hy sal antwoord en vir julle sê: ‘Ek weet nie waar julle vandaan is nie.’
- 26 Dan sal julle begin sê: ‘Ons het saam met U geëet en gedrink en U het op ons strate geleer.’
- 27 Hy sal vir julle sê: ‘Ek ken julle nie, vanwaar julle is nie. Gaan weg van My, julle werkers van die leuen!’
- 28 Daar sal ’n gehuil wees en ’n gekners van die tande, wanneer julle Avraham, Yitz’gak, Ya’akov en al die profete in die Koninkryk van God sal sien, maar julle sal uitgegooi word. ^{1 Kor 15:24,25}
- 29 Hulle sal kom van die ooste, van die weste, van die noorde en die suide en teruglê in die Koninkryk van God.
- 30 Let op, daar is die laaste, wat eerste sal wees en daar is die eerstes wat laaste sal wees.”
- 31 In daardie tyd het sommige van die Fariseërs na Hom toe gekom en vir Hom gesê: “Gaan weg en vertrek hiervandaan, want Herodes wil U doodmaak.”
- 32 Yeshua sê vir hulle: “Gaan vertel daardie jakkals: ‘Let op, Ek dryf demone uit en maak gesond, vandag, môre en op die derde dag is Ek klaar.
- 33 Nogtans is dit reg vir My dat Ek vandag en môre werk en die volgende dag verder gaan, want dit kan nie gebeur dat ’n profeet buite Yerushalayim doorgemaak word nie.’
- 34 Yerushalayim, Yerushalayim, jy wat die profete doodmaak en dié wat na jou gestuur is, stenig; hoe dikwels wou Ek jou seuns, net soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke, bymekaarmaak, maar julle wou nie.
- 35 Let op, julle huis word vir julle leeg gelaat. Ek sê vir julle dat julle My nie sal sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal sê: ‘Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה!’” ^{Ps 118:26}
- 14** 1 Toe Hy in die huis van een van die leiers van die Fariseërs ingegaan het om brood te eet op die Shabbat, het hulle Hom fyn dopgehou.
- 2 Let op, daar was ’n man wat van water geswel was voor Hom.
- 3 Yeshua het gepraat en vir die leraars van die wet en die Fariseërs gesê: “Sekerlik is dit reg volgens die wet om op die Shabbat te genees?”
- 4 Hulle het egter stilgebly. Toe vat Hy aan hom, maak hom gesond en laat hom gaan.
- 5 Hy sê vir hulle: “Wie van julle se seun of os sal op die Shabbat in ’n put val, wat dit nie dadelik sal uittrek nie?”

- 6 Hulle was nie in staat om Hom daarop te antwoord nie.
- 7 Toe Hy sien hoe hulle die beste plekke uitkies, vertel Hy aan die gaste 'n vergelykende storie:
- 8 “Wanneer jy deur iemand na 'n fees uitgenooi is, moenie op die belangrikste plek gaan sit nie, ingeval hy iemand daar wil laat sit wat waardiger is as jy
- 9 en hy wat jou en hom genooi het, kom en vir jou sê: ‘Maak plek vir hierdie man.’ Jy sal dan met skaamte opstaan en op die agterste plek gaan sit,^{Spr 25:7}
- 10 maar wanneer jy genooi is, gaan sit op die agterste plek sodat wanneer hy kom wat jou genooi het, vir jou kan sê: ‘Vriend, gaan op na 'n meer eerbare posisie!’ Dan sal jy eer en lof hê voor almal wat saam met jou aan tafel is,
- 11 want elkeen wat homself oplig, sal verneder word en wie homself verneder, sal opgelig word.”^{Spr 25:7}
- 12 Hy sê ook vir die man wat Hom genooi het: “Wanneer jy 'n fees of aandete gee, moenie jou vriende of jou broers of familie of ryk bure nooi nie sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer kan nooi en jy so jou beloning ontvang nie,
- 13 maar wanneer jy 'n onthaal hou, nooi armes, verminktes, kreupeles en blindes
- 14 en jy sal gelukkig wees omdat hulle niks het om jou mee terug te betaal nie, want dit sal jou beloon word in die opstanding van die onskuldiges.”
- 15 Toe een wat daar sit, dit hoor, sê hy vir Hom: “Gelukkig is hy wat brood eet in die Koninkryk van God.”
- 16 Yeshua sê vir hom: “'n Man het 'n groot ete gegee en baie mense uitgenooi.
- 17 Op die tyd van die ete het hy sy slaaf uitgestuur om vir die genooies te sê: ‘Kom, let op, alles is nou gereed.’
- 18 Almal het hulleself eenparig begin verskoon. Die eerste het vir hom gesê: ‘Ek het 'n stuk grond gekoop en ek moet noodgedwonge uitgaan om daarna te kyk. Ek vra u om my te verskoon.’
- 19 'n Ander een het gesê: ‘Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle toets. Ek vra u om my te verskoon.’
- 20 'n Ander een het gesê: ‘Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie.’
- 21 Daardie slaaf het gekom en dié dinge aan sy werkgewer vertel. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy slaaf gesê: ‘Gaan haastig uit na die markplein en die strate van die stad en bring die armes, verminktes, kreupeles en blindes in hierheen’.
- 22 Die slaaf het gesê: ‘My meester, wat u beveel het, is gedoen en daar is nog plek.’
- 23 Toe sê die meester vir die slaaf: ‘Gaan uit op die hoofpaaie en na die grense en oortuig hulle om in te kom sodat my huis vol kan wees,
- 24 want ek sê vir julle dat nie een van daardie mense wat genooi is, van my ete sal proe nie.’”
- 25 Baie mense het saam met Hom geloop en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:
- 26 “As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader, moeder, vrou, seuns, broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe minder lief nie, kan hy nie My studentevolging wees nie.”^{Mar 8:34-38; Yog 10:17,18; Rom 12:1}

- 27 Elkeen wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My studentevolgeling wees nie.
- 28 Wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, of hy in staat is om dit te voltooi nie?
- 29 Indien nie, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom begin spot
- 30 en sê: 'Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.'
- 31 Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning langs hom oorlog te maak, gaan nie eers oorweeg of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?
- 32 Indien nie, stuur hy afgevaardigdes terwyl die ander een nog ver is en vra vir vredesvoorwaardes.
- 33 Net so kan ook niemand van julle, wat nie afsien van al sy besittings, My studentevolgeling wees nie.
- 34 Sout is uitstekend, maar selfs sout word laf; waarmee sal dit smaaklik gemaak word?
- 35 Dit is nie bruikbaar vir die grond of vir kompos nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Wie 'n oor het wat kan hoor, laat hom hoor."

- 15** 1 Die belastinggaarders en sondaars het na Hom toe gekom om na Hom te luister.
- 2 Die Fariseërs en die leraars van die wet het gekla en gesê: "Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle."
- 3 Yeshua vertel vir hulle hierdie vergelykende storie:
- 4 "Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle raak weg, laat nie die nege en negentig in die wildernis staan en gaan soek die een wat weg is totdat hy dit kry nie?
- 5 Wanneer hy dit kry, sit hy dit met vreugde op sy skouers
- 6 en wanneer hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat weg was.'
- 7 Ek sê vir julle dat daar dieselfde vreugde sal wees in die hemel oor een sondaar wat terugkom huis toe, méer as oor nege en negentig onskuldiges wat nie nodig het om huis toe te kom nie.
- 8 Of watter vrou, wat tien zuzin het; wanneer een zuza wegraak, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek versigtig totdat sy dit kry nie?
- 9 Wanneer sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees verheug saam met my, want ek het die zuza gekry wat weg was.'
- 10 So, sê Ek vir julle, is daar vreugde voor die engele van God oor een sondaar wat terugkeer huis toe."
- 11 Weer sê Yeshua vir hulle: "'n Sekere man het twee seuns gehad
- 12 en die jongste seun sê vir hom: 'My vader, gee vir my die deel van u boedel wat my toekom.' Hy het sy rykdom tussen hulle verdeel en

- 13 na 'n paar dae het die jongste seun alles wat na hom toe gekom het bymekaargemaak en weggegaan na 'n ver land en daar sy besittings uitgemors deur spandabelrig te leef.
- 14 Toe hy alles uitgemors het wat syne was, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land en hy het begin swaarkry.
- 15 Toe het hy hom by een van die mense van daardie land gaan voeg en dié het hom na sy veld gestuur om varke te versorg.
- 16 Hy het begeer om sy maag vol te maak met die peule wat die varke eet en niemand het dit vir hom gegee nie.
- 17 Toe hy tot homself kom, het hy gesê: 'Hoeveel gehuurde werkers is in die huis van my vader wat 'n oorvloed brood vir hulleself het en hier gaan ek dood van die honger!
- 18 Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom sê: 'My vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u.
- 19 Ek is nie meer waardig om u seun genoem te word nie; maak my net soos een van u gehuurde werkers.'
- 20 Hy het opgestaan en na sy vader gegaan, maar toe hy nog ver weg was, het sy vader hom gesien en omgee vir hom en gehardloop, hom omhels en gesoen.
- 21 Sy seun sê vir hom: 'My vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie langer waardig om u seun genoem te word nie.'
- 22 Sy vader sê egter vir sy slawe: 'Bring die beste klere en trek dit vir hom aan, sit 'n ring aan sy hand, skoene aan sy voete
- 23 en bring die vetgemaakte vee en slag dit en laat ons eet en bly wees,
- 24 want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword en hy was weg en is gevind.' Hulle het begin feesvier.
- 25 Sy oudste seun was in die veld en terwyl hy nader na die huis toe kom, hoor hy baie musiek
- 26 en hy roep een van die jongmanne en vra wat dit beteken.
- 27 Dié sê toe vir hom: 'U broer het gekom en u vader het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond teruggekry het.'
- 28 Hy het kwaad geword en wou nie ingaan nie. Sy vader gaan toe uit en pleit by hom,
- 29 maar hy antwoord en sê vir sy vader: 'Let op, ek dien u so baie jare en ek het nooit u bevel oortree nie en vir my het u nooit 'n bakkie gegee sodat ek saam met my vriende bly kon wees nie,
- 30 maar toe hierdie seun van u kom, wat u besittings verslind het met hoere, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.'
- 31 Sy vader sê egter vir hom: 'My seun, jy is altyd by my en alles wat myne is, is joune.
- 32 Dit was reg van ons om vrolik en bly te wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword en hy was weg en is gevind.'"

- 16** 1 Hy het vir Sy studentevolgelinge 'n vergelykende storie vertel: “Daar was 'n sekere ryk man wat 'n bestuurder gehad het en hy is by hom daarvan beskuldig dat hy sy besittings vermors.
- 2 Sy meester roep hom en sê vir hom: ‘Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou administrasie, want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.’
- 3 Die bestuurder sê by homself: ‘Wat sal ek doen, want my meester het die administrasie van my af weggevat. Ek kan nie spit nie en ek skaam my om te bedel.
- 4 Ek weet wat ek sal doen sodat wanneer die administrasie van my weggeneem word, hulle my in hulle huise sal ontvang.’
- 5 Hy roep almal wat sy meester geld skuld, een vir een en sê vir die eerste: ‘Hoeveel skuld jy my meester?’
- 6 Hy antwoord: ‘Een honderd vate olie.’ Hy sê vir hom: ‘Neem jou nota, gaan sit en skryf gou vyftig.’
- 7 Daarna sê hy vir 'n ander een: ‘En jy, hoeveel skuld jy my meester?’ Hy antwoord: ‘Een honderd koros koring.’ Toe sê hy vir hom: ‘Neem jou nota en skryf tagtig.’
- 8 Die meester het die onetiese bestuurder geprys omdat hy verstandig gehandel het, want die seuns van hierdie wêreld is wyser as die seuns van die Lig in hierdie geslag.
- 9 Ek sê vir julle: ‘Maak vir julle vriende deur die rykdom wat julle verkry sodat wanneer dit uitgegee is, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.
- 10 Hy wat vertrouenswaardig is met min, is ook met baie vertrouenswaardig en hy wat boos doen met min, doen ook boos met baie.
- 11 As julle dan nie vertrouenswaardig was met die boosheid van rykdom nie, wie sal vertrou dat daar waarheid in julle is?
- 12 As julle nie vertrouenswaardig was met 'n ander se besittings nie, wie sal aan julle jul eie gee?
- 13 Geen dienskneg kan twee meesters dien nie, want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een eer en die ander een verwaarloos. Julle kan nie 'n dienskneg wees van God én van materialisme nie’.”
- 14 Al hierdie dinge het die Fariseërs, wat begeer het na geld, ook gehoor en Hom openlik verkleineer.
- 15 Yeshua sê vir hulle: “Julle regverdig julle self voor die mense, maar God ken julle gedagtes, wil en emosies, want wat by die mens hoog geag word, is verwerplik voor God.
- 16 Die wet en die profete is tot by Yoganan; van toe af word die goeie boodskap van die Koninkryk van God aangekondig en elkeen druk om in te gaan, ^{Mat 11:12,13}
- 17 maar dit is makliker vir die hemel en die aarde om verby te gaan as dat een strepie van 'n letter van die wet sou wegval.
- 18 Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk.
- 19 Daar was 'n sekere ryk man en hy het purper klere en wit linne gedra en het elke dag uitspattig fees gevier.

- 20 Daar was ook 'n sekere arm man met die naam van El'azar, vol swere, wat voor sy poort gelê het
- 21 en hy het begeer om sy maag te vul met die krummels wat van die ryk man se tafel afval en die honde het ook gekom en sy swere gelek.
- 22 Toe die arm man sterf, is hy deur die engele weggedra na die arms van Avraham en die ryk man het ook gesterf en is begrawe.
- 23 Terwyl hy in Sh'ol gely het, het hy sy oë opgelig en hy sien Avraham ver weg en El'azar aan sy bors.
- 24 Hy roep uit in 'n harde stem en sê: 'My vader Avraham, gee om vir my en stuur El'azar sodat hy die punt van sy vinger in water kan indruk en my tong afkoel, want ek word gemartel in hierdie vuur.'
- 25 Avraham antwoord hom: 'My seun, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het en net so El'azar die slegte, maar nou word hy getroos, maar jy ly.
- 26 Meer nog, daar is tussen ons en julle 'n groot gaping vasgestel sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie en die wat dâar is, nie na ons kan oorkom nie.'
- 27 Hy sê vir hom: 'Dan smee ek van u my vader, om hom na my vader se huis te stuur,
- 28 want ek het vyf broers, om hulle dringend te waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van marteling kom nie.'
- 29 Avraham sê vir hom: 'Hulle het Mosheh en die Profete; laat hulle na dié luister.'
- 30 Hy sê vir hom: 'Nee, my vader Avraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle omdraai van die verkeerde na God toe.'
- 31 Avraham sê vir hom: 'As hulle na Mosheh en die Profete nie luister nie, sal hulle ook nie na hom luister nie, al sou iemand ook uit die dood uit opstaan.'"

- 17** 1 Yeshua sê vir Sy studentevolgelinge: "Dit is onmoontlik dat die geleenthede om te struikel nie sal kom nie, maar wee hom deur wie hulle kom.
- 2 Dit is beter vir hom as 'n maalsteen vir 'n donkie om sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel.
- 3 Beskerm julle lewens. As jou broer sou sondig, bestraf hom en as hy berou het en omdraai, vergewe hom
- 4 en as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en sewe maal op 'n dag na jou toe terugkom en sê: 'Ek is jammer,' moet jy hom vergewe."
- 5 Die afgevaardigdes vra vir die Meester: "Vermeerder ons vertroue."
- 6 Hy sê vir hulle: "As julle vertroue gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie wildevyeboom sê: 'Word ontwortel en in die see geplant' en hy sou aan julle gehoorsaam wees.
- 7 Wie is daar van julle wat 'n slaaf het wat ploeg of vee oppas en as hy inkom van die veld af vir hom sal sê: 'Kom sit dadelik aan by die tafel?'
- 8 Hy sê eerder vir hom: 'Berei my aandete voor, trek jou voorskoot aan en bedien my totdat ek klaar geëet en gedrink het en daarna kan jy eet en drink.'
- 9 Bedank hy daardie slaaf omdat hy gedoen het wat hom beveel is? Ek dink nie so nie.

- 10 So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, moet julle sê: 'Ons is onwaardige slawe, want ons het slegs gedoen wat ons verplig was om te doen'."
- 11 Dit was so dat Yeshua deur Shomron na die Galila gegaan het op sy reis na Yerushalayim.
- 12 Toe Hy naderkom om in 'n sekere dorpie in te gaan, kom tien melaatse mans, wat op 'n afstand gebly het, na Hom toe
- 13 en hulle het hulle stemme verhef en gesê: "Yeshua, ons Leermeester, gee om vir ons!"
- 14 Toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: "Gaan wys julleself aan die priesters." Terwyl hulle weggaan, het hulle rein geword.
- 15 Toe een van hulle sien dat hy rein was, het hy teruggegaan na Hom toe en met 'n harde stem eer aan God gegee,
- 16 op sy gesig neergeval by Yeshua se voete en Hom gedank en hy was van Shomron.
- 17 Yeshua antwoord en sê: "Is daar nie tien wat rein geword het nie en waar is die nege?"
- 18 Het hulle nagelaat om eer, lof en aanbidding aan God te kom gee, behalwe hierdie vreemdeling?" Rom 1:21
- 19 Hy sê vir hom: "Staan op en gaan; jou vertroue het jou genees."
- 20 Toe sommige Fariseërs hom vra wanneer die Koninkryk van God kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: "Die Koninkryk van God kom nie sigbaar nie
- 21 en hulle sal ook nie sê: 'Let op, dit is hier!' of: 'Let op, dit is daar!' nie, want let op, die Koninkryk van God is in sommige van julle."
- 22 Hy sê vir Sy studentevolginge: "Die tyd sal kom wanneer julle sal begeer om een van die dae van die Seun van die mens te sien en julle sal dit nie sien nie
- 23 en as hulle vir julle sal sê: 'Hier is Hy!' of: 'Daar is Hy,' moenie gaan nie,
- 24 want presies net soos die weerlig wat aan die hemel blits en alles onder die hemel word verlig, net so sal die Seun van die mens op Sy dag wees,
- 25 maar eers moet Hy baie lyding ervaar en verwerp word deur hierdie geslag.
- 26 Net soos dit was in die dae van Noag, net so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:
- 27 hulle het geëet, gedrink, getrou en in die huwelik weggegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, die vloed gekom en almal vernietig het.
- 28 Ook net so was dit in die dae van Lot: hulle het geëet, gedrink, gekoop, verkoop, geplant en gebou,
- 29 maar op die dag toe Lot uit S'dom weggegaan het, het ^{הוה} vuur en swawel vanuit die hemel laat reën en almal vernietig.
- 30 Net so sal dit wees in daardie dag wanneer die Seun van die mens openbaar word.
- 31 In daardie dag moet hy wat op die dak is en sy besittings in die huis, nie afkom om dit weg te vat nie en so ook moet hy wat op die landery is, nie terugdraai nie.
- 32 Onthou die vrou van Lot!
- 33 Wie ook al kies om sy lewe te red, sal dit verloor en elkeen wat dit self verloor, sal dit vind.

- 34 Ek sê vir julle: 'In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal weggevoer word en die ander een sal gelos word.
- 35 Twee vroue sal saam maal; die een sal weggevoer word en die ander een gelos word.
- 36 Twee sal op die landery wees; die een sal weggevoer word en die ander een gelos word'."
- 37 Hulle antwoord en sê vir Hom: "Waarheen, ons Meester?" Hy sê vir hulle: "Waar ook al die karkasse lê, daar sal die aasvoëls saamkom."
- 18** 1 Hy het ook vir hulle 'n vergelykende storie vertel dat 'n mens altyd moet bid en nie moeg word nie:
- 2 "Daar was 'n sekere regter in 'n stad wat God nie geëer of gevrees en mense nie respekteer het nie.
- 3 Daar was ook in daardie stad 'n sekere weduwee en sy het aanhoudend na hom toe gekom en gesê: 'Bevry my van my teëstander in my hofsak.'
- 4 Vir 'n tydperk wou hy nie, maar daarna het hy by homself gesê: 'Al vrees of eer ek God ook nie en al respekteer ek 'n mens nie,
- 5 tog, omdat hierdie weduwee my uitput, sal ek vir haar intree sodat sy my nie versondig nie.'"
- 6 Ons Meester sê: "Hoor wat die bose regter sê.
- 7 Sal God dan nie verdediging bring vir dié wat Hy gekies het, wat dag en nag tot Hom roep en geduldig wees met hulle nie?
- 8 Ek sê vir julle dat Hy gou hulle verdediging sal bewerk en tog, as die Seun van die mens kom, sal Hy vertrou op die aarde vind?"
- 9 Hy het vir hulle wat op hulleself vertrou dat hulle onskuldig is en neerkyk op ander, hierdie vergelykende storie vertel:
- 10 "Twee mans het opgegaan na die tempel om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n belastinggaarder.
- 11 Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie: afpersers, onderdrukkers, egbrekers en nie soos hierdie belastinggaarder nie.
- 12 Ek vas twee keer gedurende die week en ek gee 'n tiende van alles wat ek ontvang.'
- 13 Die belastinggaarder het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophang nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wys my, die sondaar, onverdiende guns!'
- 14 Ek sê vir julle, hiêrdie man het onskuldig na sy huis gegaan, eerder as die Fariseër, want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word en hy wat homself verneder, sal verhoog word." Iyov 22:29; Mat 23:12
- 15 Toe het hulle ook die babas na Hom toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak, maar toe die studentevolgeling dit sien, het hulle hul verbied,
- 16 maar Yeshua self het hulle na Hom toe geroep en gesê: "Laat die kinders na My toe kom en moet hulle nie wegstuur nie, want aan dié wat soos hulle is, behoort die Koninkryk van God.

- 17 Dit is waar, Ek sê vir julle, elkeen wat nie die Koninkryk van God soos 'n klein kindjie ontvang nie, sal nooit daar ingaan nie.”
- 18 'n Sekere leier vra Hom en sê: “Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?”
- 19 Yeshua sê vir hom: “Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie behalwe die een God.
- 20 Jy ken die opdragte: ^{Eks 20:12-16; Deut 5:16-20} Jy mag nie moord pleeg nie; jy mag nie egbreuk pleeg nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie 'n vals getuienis gee nie; eer jou vader en jou moeder.”
- 21 Hy sê vir Hom: “Al hierdie dinge gehoorsaam ek van my kinderdae af.”
- 22 Toe Yeshua dit hoor, antwoord Hy hom: “Nog een ding kom jy kort; verkoop alles wat jy het en gee dit vir die armes en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My.”
- 23 Toe hy dit hoor, het hy diep bedroef geword, want hy was baie ryk.
- 24 Toe Yeshua sien dat hy diep bedroef geword het, sê Hy: “Hoe moeilik is dit vir hulle wat rykdom besit om in die Koninkryk van God in te gaan,
- 25 want dit is makliker vir 'n kameelhaartou om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan.” ^{Iyov 24:22}
- 26 Die wat dit gehoor het, sê vir Hom: “Wie kan dan die lewe hê?”
- 27 Yeshua antwoord: “Dit wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik.”
- 28 Shim'on Kefa sê vir Hom: “Let op, ons het alles gelos en U gevolg.”
- 29 Yeshua sê vir hom: “Waarlik, Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of seuns verlaat het ter wille van die Koninkryk van God,
- 30 wat nie eksponensieel méér in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die wêreld wat kom.”
- 31 Hy het die twaalf gelei en vir hulle gesê: “Let op, Ons gaan op na Yerushalayim en alles sal vervul word wat in die profete geskrywe is oor die Seun van die mens,
- 32 want Hy sal oorgelewer word aan die nie-Jode en hulle sal Hom spot en in Sy gesig spoeg.
- 33 Hulle sal Hom gésel en Hom mishandel en Hom doodmaak en die derde dag sal Hy opstaan.”
- 34 Hulle het niks hiervan verstaan nie. Die betekenis was vir hulle verborge en hulle het nie begryp wat gesê is nie.
- 35 Terwyl hulle Yerigo nader, sit daar 'n sekere blinde man langs die pad en bedel.
- 36 Toe hy 'n skare mense hoor verbygaan, vra hy wie dit is.
- 37 Hulle sê vir hom: “Yeshua, van Natzeret, gaan verby.”
- 38 Hy skreeu uit en sê: “Yeshua, Seun van Dawid, gee om vir my!”
- 39 Die wat voor Yeshua geloop het, bestraf hom dat hy moet stilbly, maar hy het al harder geskreeu: “Seun van Dawid, gee om vir my!”
- 40 Yeshua het stil gaan staan en beveel dat hy na Hom gebring moes word en toe hy naby kom, vra Hy
- 41 en sê vir hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?” Hy antwoord: “My Meester, dat ek kan sien.”
- 42 Yeshua sê vir hom: “Sien! Jou vertrouwe het jou gered.”

43 Onmiddellik het hy gesien en Hom gevolg terwyl hy God loof en almal wat dit gesien het, het God geloof, geëer en aanbid.

- 19** 1 Toe Yeshua Yerigo ingegaan het en besig was om deur te loop,
 2 het 'n sekere man met die naam van Zakkai, 'n ryk man en hoof van die belastinggaarders,
 3 begeer om te sien wie Yeshua was, maar as gevolg van die mense kon hy nie, want Zakkai was kort.
 4 Hy het vooruit gehardloop en in 'n wildevyeboom geklim sodat hy Yeshua kon sien, want Hy sou daar verbygaan.
 5 Toe Hy op daardie plek kom, sien Yeshua hom en sê vir hom: “Zakkai, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly.”
 6 Hy het haastig afgeklim en Hom ontvang terwyl hy hom verheug
 7 en almal wat dit gesien het, het gemurmureer en gesê: “Hy het by 'n sondige man ingegaan en gebly.”
 8 Zakkai het opgestaan en vir Yeshua gesê: “My Meester, let op, die helfte van my besittings gee ek vir die armes en aan elkeen van wie ek iets gevat het, gee ek dit vierdubbel terug.” Eks 22:1; 2 Sh'm 12:6
 9 Yeshua sê vir hom: “Vandag het daar lewe na hierdie huis toe gekom omdat hierdie man ook 'n seun van Avraham is, Yeg 33:15,16
 10 want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is.” Yeg 34:16
 11 Terwyl hulle na hierdie dinge luister, het Hy ook 'n vergelykende storie bygevoeg omdat Hy Yerushalayim genader het en hulle verwag het dat die Koninkryk van God op die punt was om openbaar te word.
 12 Hy het gesê: “'n Man van hoë stand het na 'n ver land gereis om 'n koningskap te ontvang en dan terug te kom
 13 en hy roep tien van sy slawe, gee vir hulle tien manim en sê vir hulle: ‘Dryf handel totdat ek kom.’
 14 Die mense van sy stad het hom egter gehaat en afgevaardigdes agter hom aangestuur om te sê: ‘Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie.’
 15 Toe hy terugkom nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie slawe aan wie hy die geld gegee het, na hom toe moes kom sodat hy kon weet watter wins elkeen deur handel verdien het.
 16 Die eerste het nadergekom en gesê: ‘My meester, u maneh het tien manim wins gemaak.’
 17 Hy sê vir hom: ‘Uitstekend, goeie slaaf. Omdat jy in die kleinste ding betroubaar was, ontvang jy outoriteit oor tien stede.’
 18 Die tweede kom en sê: ‘My meester, u maneh het vyf manim bygevoeg.’
 19 Hy sê ook vir hierdie een: ‘Jy sal heerser wees oor vyf stede.’
 20 'n Ander een kom en sê: ‘My meester, let op, u maneh wat ek gehad het, het ek in fyn linne bewaar,
 21 want ek was bang vir u aangesien u 'n strawwe man is. U vat wat u nie gegee het nie en oes wat u nie gesaai het nie.’

- 22 Hy sê vir hom: 'Uit jou mond sal ek jou oordeel, bese slaaf! Jy het geweet dat ek 'n strawwe man is wat wat ek nie gegee het nie en oes wat ek nie gesaai het nie.
- 23 Waarom het jy dan nie my geld in die bank gesit nie? Ek kon dit dan by my koms met rente ingevorder het.'
- 24 Aan die wat by hom staan, sê hy: 'Neem die maneh van hom af weg en gee dit aan hom wat tien manim het.'
- 25 Hulle sê vir hom: 'Ons meester, hy het tien manim!'
- 26 Hy sê vir hulle: 'Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word, ook wat hy het.'
- 27 'Meer nog, bring daardie teëstanders van my, wat nie wou hê dat ek oor hulle moes heers nie, hier en maak hulle voor my dood.'"
- 28 Toe Yeshua dit gesê het, gaan Hy uit na hulle wat voor Hom uitgaan na Yerushalayim
- 29 en toe Hy naby Beit-Pagei en Beit-Anyah kom, langs die berg wat D'Beit-Tzaida (Olyfberg) genoem word, het Hy twee van Sy studentevolgelinge uitgestuur
- 30 en Hy sê vir hulle: "Gaan na die dorp wat reg oorkant ons is en as julle inkom, let op, julle sal 'n vul vind wat vasgemaak is, waarop geen mens nog ooit gery het nie. Maak hom los en bring hom.
- 31 As iemand julle vra: 'Waarom maak julle hom los?' moet julle sê dat hy nodig is vir ons Meester."
- 32 Die wat gestuur was, gaan toe en vind dit net soos Hy vir hulle gesê het.
- 33 Toe hulle die vul losmaak, sê die eienaars vir hulle: "Waarom maak julle die vul los?"
- 34 Hulle sê vir hulle: "Ons Meester het hom nodig."
- 35 Hulle bring hom na Yeshua toe, ^{Z^{kh} 9:9} lê hulle klere op die vul en laat Yeshua daarop sit.
- 36 Soos Hy ry, strooi hulle hul klere op die pad.
- 37 Toe Hy reeds naby die afdraend van die Olyfberg is, begin die groot groep studentevolgelinge God luidkeels met blydschap prys oor al die wonderdade wat hulle gesien het
- 38 terwyl hulle sê: "Geseënd is die Koning wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, vrede in die hemel en eer, lof en aanbidding ^{Ps 118:26} in die hoogste hemel!"
- 39 Sommige van die Fariseërs tussen die mense sê vir Hom: "Leermeester, bestraf U studentevolgelinge!"
- 40 Hy antwoord en sê vir hulle: "Ek sê vir julle, as hulle stilbly, sal die klippe hardop uitroep."
- 41 Toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor gehuil
- 42 en gesê: "As jy tog maar dit wat nodig is vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid geken het, ook in hierdie dag van jou, maar nou is dit vir jou oë weggesteek,
- 43 want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande jou sal omsingel en jou sal indruk van alle kante af.

- 44 Hulle sal jou en jou seuns in jou, vernietig en hulle sal in jou nie een klip op 'n ander laat bly nie omdat jy die gekose tyd van jou besoek, nie geken het nie.” ^{Yir 32:31}
- 45 Toe Hy in die tempel ingegaan het, het Hy begin om die verkopers en kopers uit te jaag.
- 46 Hy sê vir hulle: “Daar is geskrywe: ‘My huis is 'n huis van gebed,’ ^{Yes 56:7} maar julle het dit 'n grot vir rowers gemaak’.” ^{Yir 7:11}
- 47 Hy was elke dag besig om in die tempel te leer en die leierpriesters en die leraars van die wet het saam met die oudstes van die volk geleentheid gesoek om Hom dood te maak
- 48 en hulle het geen manier gevind om dit te doen nie, want al die mense het Hom aangehang en na Hom geluister.

- 20** 1 Dit was in een van die dae terwyl Hy besig was om die mense in die tempel te leer en om versekerde verwagting te verkondig dat die leierpriesters en die leraars van die wet saam met die oudstes om Hom staan
- 2 en hulle vir Hom sê: “Sê vir ons met watter outoriteit U hierdie dinge doen en wie dit is wat vir U hierdie outoriteit gegee het?”
- 3 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek sal julle ook een ding vra: ‘Sê vir My: 4 Die doop van Yoganan; was dit vanuit die hemel of vanuit mense?’”
- 5 Toe het hulle onder mekaar geredeneer en gesê: “As ons sê: ‘Vanuit die hemel,’ sal Hy sê: ‘Waarom het julle hom dan nie vertrou nie?’
- 6 As ons sê: ‘Vanuit mense,’ sal al die mense ons stenig, want hulle is daarvan oortuig dat Yoganan 'n profeet was.”
- 7 Hulle antwoord Hom: “Ons weet nie van waar dit is nie.”
- 8 Yeshua sê vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle deur watter outoriteit Ek hierdie dinge doen nie.”
- 9 Hy begin om vir die mense hierdie gelykenis te vertel: “'n Sekere man het 'n wingerd geplant en dit aan werkers oorhandig en vir 'n lang tyd na 'n ander land gegaan.
- 10 In die seisoen het hy 'n slaaf na die werkers toe gestuur sodat hulle hom van die vrug van die wingerd sou gee, maar die werkers het hom geslaan en kaal gestroop weggestuur.
- 11 Hy het weer 'n ander slaaf gestuur en hulle het hom net so geslaan, onteer en hom kaal weggestuur.
- 12 Hy het weer 'n derde gestuur en hulle het ook hierdie een gewond en uitgegooi.
- 13 Die eienaar van die wingerd sê: ‘Wat sal ek doen? Ek sal my seun stuur vir wie ek lief is; sonder twyfel sal hulle hom sien en skaam wees.’
- 14 Toe die werkers hom sien, het hulle ondermekaar bespreek en gesê: ‘Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak sodat die erfposie ons s'n kan wees.’
- 15 Hulle het hom buitekant, uit die wingerd gegooi en hom vermoor. Wat sal die eienaar van die wingerd daarom aan hulle doen?
- 16 Hy sal kom en daardie werkers vernietig en die wingerd aan ander gee.” Toe hulle dit hoor, sê hulle: “'n Verwerplike gedagte!” ^{Rom 11:17}
- 17 Hy het na hulle gekyk en gesê: “Wat beteken dan hierdie woord wat geskryf is: die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword? ^{Ps 118:22}

- 18 Elkeen wat oor hierdie steen val, sal gebreek word, maar elkeen op wie dit val, dié sal hy uitmekaar laat spat.”
- 19 Die leierpriesters en die leraars van die wet wou op daardie oomblik die hande op Hom kry, want hulle het geweet dat Hy hierdie vergelykende storie op hulle gerig het, maar hulle was bang vir die mense
- 20 en hulle het spioene gestuur wat voorgegee het om onskuldig te wees sodat hulle Hom op ’n woord kon betrap, om Hom oor te lewer aan die regter en aan die outoriteit van die goewerneur.
- 21 Hulle het Hom gevra en gesê: “Leermeester, ons weet dat U reg praat en leer en die persoon nie aanneem nie, maar die ware pad van God leer,
- 22 is dit volgens die wet vir ons om aan die keiser belasting te betaal of nie?”
- 23 Hy het egter deur hulle listigheid gesien en vir hulle gesê: “Waarom toets julle My?
- 24 Wys My ’n denarion. Wie se beeld en naam het dit op?” Hulle antwoord en sê: “Die keiser s’n.”
- 25 Yeshua sê vir hulle: “Gee dan aan die keiser wat die keiser s’n is en aan God wat God s’n is.”
- 26 Hulle kon Hom nie voor die mense op ’n woord betrap nie en verwonderd oor Sy antwoord, het hulle stilgebly.
- 27 Sommige van die Sadduseërs het gekom, hulle wat sê daar is geen opstanding nie en Hom gevra
- 28 en vir Hom gesê: “Leermeester, Mosheh het vir ons geskryf: ‘As iemand se broer doodgaan en ’n vrou agterlaat sonder seuns, dan moet sy broer die vrou neem en vir sy broer ’n seun verwek.’ ^{Deut 25:5}
- 29 Nou, daar was sewe broers en die eerste het die vrou gevat en seunloos gesterf.
- 30 Die tweede het sy vrou gevat en hy het ook seunloos gesterf
- 31 en die derde het haar ook gevat en net so het al sewe gesterf en geen seuns nagelaat nie.
- 32 Ten laaste het die vrou ook gesterf.
- 33 In die opstanding dan, wie van hulle se vrou sal sy wees aangesien al sewe met haar getrou het?”
- 34 Yeshua sê vir hulle: “Die seuns van hierdie wêreld vat vrou en vrouens word vir mans gegee,
- 35 maar die wat waardig geag word vir daardie wêreld en vir die opstanding uit die dood, vat nie dan vrou nie en vrouens is nie vir mans nie,
- 36 want hulle kan ook nie meer sterf nie, want omdat hulle seuns van die opstanding is, is hulle soos die engele en ook seuns van God.
- 37 Ook Mosheh het by die doringstruik verklaar dat die wat dood is, opstaan toe hy יהוה die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov ^{Eks 3:6} genoem het.
- 38 Hy is tog nie ’n God van dooies nie, maar van lewendes, want almal van hulle is lewend vir Hom.”
- 39 Sommige van die leraars van die wet antwoord en sê: “Leermeester, U het goed geantwoord.”

- 40 Hulle het nie gewaag om Hom enige iets meer te vra nie.
- 41 Hy sê vir hulle: "Hoe is dit dat die leraars van die wet sê dat dié Gesalfde Een die seun van Dawid is?"
- 42 Dawid self sê in die boek van die Psalms: 'דָּוִד' het vir my Meester gesê: Sit aan My regterhand
- 43 totdat Ek U vyande onder U voete geplaas het.' ^{Ps 110:1; 1 Kor 15:23-28}
- 44 As Dawid Hom daarvolgens, my Meester noem, hoe is Hy sy seun?"
- 45 Terwyl al die mense luister, sê Hy vir Sy studentevolgelinge:
- 46 "Wees versigtig vir daardie leraars van die wet wat graag in lang klere rondloop en hou van hartlike groete in openbare plekke en van die beste sitplekke in die bymekaarkomplekke en die beste plekke by die feeste.
- 47 Hulle wat die huise van die weduwees onteien as 'n offer om hulle gebede op te sê, sal 'n erger oordeel ontvang."

- 21** 1 Yeshua het gekyk na die rykes wat hulle offers in die skatkamer gegooi het
- 2 en Hy sien ook 'n arm weduwee wat twee klein geldstukkies (shemonas) ingooi.
- 3 Hy sê: "Die realiteit, sê Ek vir julle, is dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het,
- 4 want hulle almal het uit die oorfloed wat hulle het by die offerkamer van God ingegooi, maar sy het uit haar behoefte, alles ingegooi wat sy besit."
- 5 Toe sommige oor die tempel praat, sy mooi klippe en versierings van geskenke, sê Yeshua vir hulle:
- 6 "Die tyd sal kom dat al hierdie dinge wat julle na kyk afgebreek sal word en daar nie een klip op 'n ander gelaat sal word nie."
- 7 Hulle vra Hom en sê: "Leermeester, wanneer sal hierdie dinge gebeur en watter teken sal daar wees voor dit gaan gebeur?"
- 8 Hy sê vir hulle: "Pas op dat julle nie mislei word nie, want baie sal in My Outoriteit kom en sê: 'Ek is onveranderlik dieselfde, dié Gesalfde Een' en: 'Die tyd is naby!' Moenie agter hulle aan gaan nie.
- 9 Wanneer julle hoor van oorloë en onstabiliteit, moenie bang wees nie, want dié dinge moet eers gebeur, maar die einde het nog nie gekom nie.
- 10 Nasie sal opstaan teen nasie en koninkryk teen koninkryk;
- 11 groot aardbewings sal op verskillende plekke wees, hongersnood, epidemies, paniek en angs, daar sal ook groot tekens aan die hemel kom en daar sal groot storms wees,
- 12 maar voor al hierdie dinge sal hulle die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer aan vergaderings en tronke en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam).
- 13 Dit sal met julle gebeur as 'n getuienis.
- 14 Maak dit vas in julle verstand, wil en emosie dat julle nie vooraf geleer sal word oor 'n antwoord nie,
- 15 want Ek sal aan julle 'n mond van wysheid gee waarteen al julle teëstanders nie sal kan staan nie.

- 16 Julle sal egter ook oorgelewer word deur julle ouers, broers, familie en julle vriende en hulle sal sommige van julle doodmaak.
- 17 Julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam)
- 18 en geen haar van julle kop sal aangeraak word nie.
- 19 Deur julle volharding sal julle jul lewe in besit neem ^{1 Yog 5:13; Open 2:3,7}
- 20 en wanneer julle sien dat Yerushalayim omsingel is deur troepe, dan moet julle weet dat sy vernietiging naby is.
- 21 Dan moet die wat in Y'udah is, na die berge vlug en die wat binne is, ontsnap en die wat in die dorpie is, moenie daar ingaan nie,
- 22 want dit sal die dae van wraak wees sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word.
- 23 Wee die vroue wat swanger is en die wat nog borsvoed in daardie dae, want daar sal 'n groot lyding in die land wees en wraak oor hierdie volk.
- 24 Hulle sal deur die punt van die swaard val en as gevangenes weggevoer word na al die streke en Yerushalayim sal vertrap word deur die nasies totdat die vasgestelde tyd van die ander nasies voltooid is. ^{Rom 11:25}
- 25 Daar sal tekens wees aan die son, aan die maan en aan die sterre en op die aarde: die lyding van nasies en die saamgryp van hande oor die harde dreuning van die see
- 26 en 'n aardbewing wat mense se gees van angs sal uitdryf oor wat oor die aarde gaan kom en die leërmagte van die hemel sal geskud word. ^{Yes 13:10; Yo'el 2:31; 3:15; Hag 2:6,21}
- 27 Dan sal hulle Hom sien; die Seun van die mens wat kom in wolke, met baie kragtige dae en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid. ^{Dan 7:13-14}
- 28 Wanneer hierdie dinge begin gebeur, wees bemoedig en lig julle koppe op omdat julle verlossing naby is.”
- 29 Hy vertel vir hulle 'n vergelykende storie: “Let op na die vyeboom en al die bome,
- 30 dat, wanneer hulle bot, verstaan julle dadelik van hulle dat die somer naby is,
- 31 net so moet julle ook weet dat die Koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.
- 32 Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. ^{Mat 24:34}
- 33 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My boodskap sal nooit verbygaan nie,
- 34 maar wees versigtig in julle gees sodat julle verstand, wil en emosie nooit koud word deur brassery, dronkenskap en die bekommernisse van die wêreld en daardie dag julle skielik oorval nie,
- 35 want dit sal soos 'n valstrik kom oor almal wat oral op die aarde woon.
- 36 Wees daarom te alle tye waaksaam en bid sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.”
- 37 Gedurende die dag het Hy lering gegee in die tempel en snags het Hy uitgegaan en oornag op die berg wat die Olyfberg genoem word.
- 38 Al die mense het vroeg in die oggend na die tempel gekom om na Sy boodskap te luister.

- 22 ¹ Die Fees van Ongesuurde Brode, wat ook Pesag genoem word, was naby
2 en die leierpriesters en die leraars van die wet het 'n manier gesoek om Hom dood
te maak, maar hulle was bang vir die mense.
- 3 Die teëstander het in Y'hudah, wat K'riot genoem word en een van die twaalf was,
ingegaan
- 4 en hy het gegaan en met die leierpriesters, die leraars van die wet en kapteins van
die tempelwag gepraat om Hom aan hulle oor te lewer.
- 5 Hulle was verheug en het met hom ooreengekom om vir hom geld te gee
- 6 en hy het 'n ooreenkoms met hulle aangegaan en na 'n geleentheid gesoek, sonder
'n skare, om Hom oor te lewer.
- 7 Die Dag van die 'Verwydering van Suurdeeg' het aangebreek waarop dit gebruik
was om die Pesaglam te slag ^{Eks 12:3-14}
- 8 en Yeshua stuur vir Kefa en Yoganan en sê: "Gaan berei die Pesagete vir ons voor
dat ons dit kan eet."
- 9 Hulle sê vir Hom: "Waar wil U hê moet ons dit voorberei?"
- 10 Hy antwoord hulle: "Let op, wanneer julle die stad ingaan, sal 'n man julle ontmoet
wat 'n erdekrui water dra, volg hom
- 11 en waar hy ook al ingaan, sê vir die eienaar van die huis: 'Ons Leermeester vra: "Is
daar 'n kamer waar Ek die Pesagete saam met My studentevolginge kan eet?"'
- 12 Let op, hy sal julle 'n groot bokamer wys wat gemeubeleerd is. Daar moet julle dit
vorberei."
- 13 Hulle het gegaan en dit gevind net soos Hy vir hulle gesê het en die Pesagete
vorberei.
- 14 Toe dit tyd was, het Yeshua gekom en aan tafel gaan skuinslê en die twaalf
afgevaardigdes saam met Hom
- 15 en Hy sê vir hulle: "Ek het met 'n groot begeerte begeer om hierdie Pesagete, voor
My lyding, saam met julle te eet,
- 16 want Ek sê vir julle: 'Ek sal nie weer daarvan eet voordat dit in die Koninkryk van
God volledige betekenis kry nie'."
- 17 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese teks nie.*]
- 18 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese teks nie.*]
- 19 Hy neem brood en nadat Hy die dankgebed daarvoor gebid het, breek Hy dit, gee dit
aan hulle en sê: "Dit is My liggaam, wat in die plek van julle lewens gegee word;
hierdie moet julle doen tot My gedagtenis."
- 20 Net so ook vir die beker ná die ete sê Hy: "Hierdie beker is ^{Yir 31:30-34} die nuwe
verbond in My bloed, ^{Eks 24:3-8} wat om julle onthalwe gestort sal word.
- 21 Nogtans, let op, die hand van hom wat My uitlewer, is aan tafel.
- 22 Die Seun van die mens gaan wêl, soos wat bepaal is, oorgelewer word; tóg, wee
daardie man deur wie Hy oorgelewer word!"
- 23 Toe begin hulle onder mekaar vra; wie van hulle kon tog beplan om dit te doen,
- 24 maar daar het ook 'n bakleiery onder hulle ontstaan oor wie van hulle as groot
beskou word.

- 25 Yeshua sê vir hulle: “Die konings van die nasies is baas oor hulle en die wat hulle beheer, word weldoeners genoem,
- 26 maar so moet julle nie wees nie. Die grootste onder julle moet word soos die kleinste en wie ’n leier is, soos een wat bedien,
- 27 want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Ek self is egter onder julle soos een wat bedien.
- 28 Dit is julle wat volhardend by My gebly het deur My toetsinge
- 29 en Ek belowe julle ’n Koninkryk, net soos My Vader My belowe het
- 30 sodat julle kan eet en drink aan My tafel in My Koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Yisra’el te oordeel.”
- 31 Yeshua sê vir Shim’on: “Shim’on, let op, die teëstander het gevra om julle soos graan te sif, ^{Amo 9:9}
- 32 maar Ek het vir jou gebid dat jou vertrouwe nie sal faal nie en as jy die dag herstel is, moet jy jou broers versterk.”
- 33 Shim’on sê vir Hom: “My Meester, ek is gereed om saam met U in die tronk en in die dood in te gaan.”
- 34 Yeshua sê vir hom: “Ek sê vir jou, Shim’on, die haan sal vandag nie kraai voordat jy drie maal ontken het dat jy My ken nie.”
- 35 Hy sê vir hulle: “Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie, reissak of skoene, het julle enige tekort gehad?” Hulle antwoord: “Niks nie.”
- 36 Toe sê Hy vir hulle: “Van nou af, wie ’n beursie het, laat hom dit vat en so ook ’n reissak en wie nie ’n swaard het nie, moet sy kleed verkoop en ’n swaard koop,
- 37 want Ek sê vir julle dat ook dit wat geskrywe is in My vervul moet word: ‘En Hy is saam met wetsoortreders gereken,’ ^{Yes 53:12} want alles aangaande My, sal gebeur.”
- 38 Hulle sê vir Hom: “Ons Meester, let op, hier is twee swaarde.” Hy antwoord hulle: “Dis nou genoeg!”
- 39 Hy het uitgegaan en volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan. Sy studente-volgelingen het Hom ook gevolg.
- 40 Toe Hy aankom op die plek, sê Hy vir hulle: “Bid dat julle nie getoets word nie.”
- 41 Hy het Hom ’n klipgooi ver van hulle af onttrek, neergekniel, gebid
- 42 en gesê: “Vader, as U so wil, neem hierdie beker van My af weg! Laat dit nogtans wees volgens U wil en nie Myne nie!”
- 43 ’n Boodskapper uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk
- 44 en in spanningsangs het Hy meer intens gebid en Sy sweet was soos bloeddruppels en Hy het op die grond neergeval.
- 45 Hy het opgestaan van Sy gebed af en by Sy studentevolginge gekom en hulle aan die slaap gevind van angs
- 46 en Hy sê vir hulle: “Hoekom slaap julle? Staand op en bid dat julle nie getoets word nie.”
- 47 Terwyl Hy nog praat, let op, kom daar ’n groep mense en hy wat Y’hudah genoem word, een van die twaalf, het voor hulle uitgeloopt na Yeshua toe en Hom gesoen, as ’n teken wat hy vir hulle gegee het: “Wie ek ook al soen, dit is Hy.”
- 48 Yeshua sê vir hom: “Y’hudah, verrai jy die Seun van die mens met ’n soen?”

- 49 Toe die wat by Hom was, sien wat gaan gebeur, sê hulle vir Hom: “Ons Meester, moet ons hulle met swaarde neerslaan?”
- 50 Een van hulle het die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy regteroor afgesny,
- 51 maar Yeshua het geantwoord en gesê: “Genoeg vir nou!” Hy het die oor van die een wat gewond is, aangeraak en hom gesond gemaak.
- 52 Yeshua sê vir hulle wat na Hom toe gekom het, die leierpriesters, oudstes en kaptein van die tempelwagte: “Het julle opgetrek teen My soos teen ’n rower met swaarde en knopkieries om My te vang?”
- 53 Elke dag was Ek saam met julle in die tempel en julle het nie die hande aan My geslaan nie, maar hierdie is julle en die prins van die duisternis se uur.”
- 54 Hulle het Hom gevang en Hom gebring in die huis van die hoofpriester, maar Shim’on het op ’n afstand gevolg.
- 55 Hulle het ’n vuur in die middel van die binneplaas aangesteek en om dit gaan sit en Shim’on het saam met hulle gesit.
- 56 ’n Sekere slavin het hom by die vuur sien sit en nadat sy hom stip aangekyk het, sê sy: “Hierdie man was ook saam met Hom.”
- 57 Hy het dit ontken en gesê: “Vrou, ek ken Hom nie.”
- 58 Kort daarna sien ’n ander een hom en sê: “Jy is ook een van hulle.” Kefa antwoord egter: “Ek is nie.”
- 59 Ná ongeveer ’n uur het ’n ander een daaroor gestry en gesê: “Sekerlik, hierdie man was ook saam met Hom, want hy is ook van die Galila.”
- 60 Kefa antwoord: “Man, ek weet nie wat jy sê nie.” Onmiddellik toe hy praat, het ’n haan gekraai.
- 61 Yeshua het omgedraai en na Kefa gekyk en Shim’on het die woord van ons Meester onthou wat Hy vir hom gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal ontken.”
- 62 Shim’on het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.
- 63 Die manne wat Yeshua gevange gehou het, het Hom gespot, Sy kop toegegooi,
- 64 Hom in Sy gesig geslaan en gesê: “Profeteer wie dit is wat U geslaan het.”
- 65 Hulle het ook baie ander bese dinge teen Hom gesê.
- 66 Toe die dag breek, het die oudstes van die volk, die leierpriesters en die leraars van die wet vergader en Hom na die plek van hulle Raad gebring
- 67 en vir Hom gevra: “As U dié Gesalfde Een is, sê vir ons.” Hy antwoord hulle: “As Ek julle antwoord, sal julle My nie glo nie
- 68 en ook as Ek vra, sal julle My nie antwoord of loslaat nie.
- 69 Van nou af aan sal die Seun van die mens sit aan die regterhand van Die Krag (HaG’vurah) van God,” ^{Ps 110:1}
- 70 Hulle vra almal: “Is U daarom die Seun van God?” Yeshua sê vir hulle: “Julle sê self Ek is onveranderlik dieselfde.”
- 71 Hulle het gesê: “Hoekom het ons nog getuies nodig, want ons het dit self uit Sy mond gehoor.”

- 23** 1 Hulle het almal opgestaan en Hom na Pilatos begelei.
2 Verteer daardeur om Hom sleg te maak, het hulle begin en gesê: “Ons het gevind dat hierdie man ons mense verlei en verbied om aan die keiser belasting te betaal en Hy sê van Homself dat Hy die Koning, dié Gesalfde Een, is.”
3 Pilatos vra Hom en sê vir Hom: “Is U die Koning van die Jode?” Hy antwoord hom en sê: “U sê dit.” Mat 27:11; Mar 15:2
4 Pilatos sê toe vir die leierpriesters en vir die skare mense: “Ek vind geen motief of oortreding in hierdie Man nie,”
5 maar hulle het geskree en gesê: “Hy maak die mense oproerig met Sy leer, die hele Y’hudah deur, vandat Hy in die Galila begin het tot hier toe.”
6 Toe Pilatos van die Galila hoor, vra hy of die Man van die Galila af is
7 en nadat hy verstaan het dat Hy uit die outoriteitsgebied van Herodes is, stuur hy Hom na Herodes, wat self ook in daardie dae in Yerushalayim was.
8 Toe Herodes Yeshua sien, was hy baie bly, want hy was al vir ’n lang tyd begerig om Hom te sien omdat hy baie van Hom gehoor het. Hy het gehoop om een of ander wonderwerk te sien wat deur Hom gedoen word.
9 Hy het Hom oor baie sake uitgevra, maar Yeshua het hom niks geantwoord nie.
10 Die leierpriesters en die leraars van die wet het gestaan en Hom heftig beskuldig.
11 Herodes en sy diensnegte het Hom gespot en nadat hy Hom beledig het, gooi hulle ’n pers kleed om Hom en stuur Hom terug na Pilatos.
12 Pilatos en Herodes het op daardie dag vriende geword, want hulle was vroeër in vyandskap teenoor mekaar.
13 Pilatos roep die leierpriesters, die leiers en die mense bymekaar
14 en sê vir hulle: “Julle het hierdie Man na my toe gebring as een wat die mense laat wegdraai en let op, ek het in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie Man geen motief of skuld gevind van die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie
15 en ook nie Herodes nie, want ek het Hom na hom toe gestuur en daar is niks deur Hom gedoen wat die dood verdien nie.
16 Ek sal Hom daarvolgens dissiplineer en Hom loslaat.”
17 Dit was gewoonte om een man vir hulle op die fees vry te laat.
18 Die hele skare skree egter saam en sê: “Vat Hom weg en laat Bar-Abba vir ons vry!” Mat 27:20; Mar 15:11
19 Hy is in die tronk gegooi oor ’n sekere opstand wat in die stad gebeur het en vir ’n moord.
20 Daarna het Pilatos weer met hulle gepraat omdat hy Yeshua wou vrylaat,
21 maar hulle het aangehou skree en gesê: “Kruisig Hom, kruisig Hom!”
22 Vir die derde keer sê hy vir hulle: “Watter boosheid het Hy dan gedoen? Ek het niks in Hom gevind wat die dood verdien nie. Ek sal Hom daarvolgens dissiplineer en vrylaat.”
23 Hulle het aangehou met ’n harde geskree en gevra dat Hy gekruisig moes word en hulle geskree en dié van die leierpriesters het die oorhand gekry.
24 Toe gee Pilatos uitspraak dat hulle eis toegestaan moes word.

- 25 Hy het dié een vir hulle vrygelaat wat oor opstand en moord in die tronk gegooi is, die een wat hulle gevra het, maar Yeshua het hy aan hulle wil oorgelewer.
- 26 Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Shim'on, wat van 'n dorpie, Kurene, gekom het en sit die hout op hom om dit agter Yeshua aan te dra.
- 27 'n Groot hoeveelheid mense het Hom gevolg, asook vroue wat weeklaag en oor Hom gehuil het.
- 28 Yeshua het Hom omgedraai na hulle toe en vir hulle gesê: “Dogters van Yerushalayim, moenie oor My huil nie, maar huil oor julleself en oor julle seuns.
- 29 Let op, daar kom dae waarin hulle sal sê: ‘Gelukkig is dié wat nie kinders kan hê nie, die baarmoeder wat nie geboorte gegee het nie en die borste wat nie gevoed het nie.’
- 30 Dan sal hulle begin om vir die berge te sê: ‘Val op ons!’ en vir die heuwels: ‘Bedek ons!’ ^{Hos 10:8}
- 31 As hulle hierdie dinge doen aan die groen hout (onskuldige man), wat sal met die droë hout (bose man) gebeur?”
- 32 Daar is ook twee ander, hulle was boosdoeners, saam met Hom weggelei om doodgemaak te word.
- 33 Toe hulle op 'n sekere plek kom wat ‘Kopbeen’ genoem word, het hulle Hom daar gekruisig saam met die boosdoeners, een aan die regter en een aan die linkerkant.
- 34 Yeshua het gesê: “Vader, vergeef hulle, want hulle verstaan nie wat hulle doen nie.” Hulle het Sy klere verdeel en die lot daaroor gegooi. ^{Ps 22:19; Mat 27:35}
- 35 Die mense het gestaan en kyk en saam met die leiers het hulle ook gespot ^{Ps 22:8} en gesê: “Ander het Hy gered; laat Hy Homself red as Hy dié Gesalfde Een, die gekose een van God, is.”
- 36 Ook die soldate het Hom gespot en gekom en vir Hom suurwyn aangebied ^{Ps 69:22}
- 37 en gesê: “As U die Koning van die Jode is, red Uself.”
- 38 Daar was ook 'n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse, Romeinse en Hebreeuse letters: ^{Mat 27:37; Mar 15:26; Yog 19:19} ‘HY IS DIE KONING VAN DIE JODE.’
- 39 Een van die boosdoeners wat saam met Hom gekruisig is, het kwaadgepraat teen Hom en gesê: “As U dié Gesalfde Een is, verlos Uself en ons,”
- 40 maar die ander een bestraf hom en sê: “Vrees en respekteer ook jy God nie terwyl jy onder dieselfde veroordeling is?
- 41 Ons tog regverdiglik, want ons ontvang wat ons verdien vir ons dae, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.”
- 42 Hy sê vir Yeshua: “Onthou my, my Meester, wanneer U in U Koninkryk kom.”
- 43 Yeshua sê vir hom: “Dit is waar, Ek sê vir jou vandag dat jy saam met My in die Paradys (Gan'Eden) sal wees.” ^{Open 22:14}
- 44 Dit was ongeveer die sesde uur (twaalfuur middag) en daar het duisternis oor die hele aarde gekom, tot die negende uur (drieuur) toe. ^{Amo 8:9}
- 45 Die son het donker geword, die gordynskeiding van die tempel het middeldeur geskeur
- 46 en Yeshua het met 'n harde stem uitgeroep en gesê: “My Vader, in U hande lê Ek My gees neer!” Toe Hy dit gesê het, is Hy dood.

47 Toe die kaptein oor 'n honderd sien wat daar gebeur, het hy God geprys en gesê: "Waarlik, hierdie man was Die Onpartydige en Opregte Een." ^{Yir 23:6}

48 Al die mense wat bymekaargekom het vir die gebeurtenis, het op hulle borste geslaan toe hulle sien wat gebeur het en weggegaan.

49 Almal wat Yeshua geken het, het op 'n afstand gestaan, asook die vroue wat Hom van die Galila af gevolg het, het hierdie dinge ervaar.

50 'n Sekere man met die naam van Yosef, 'n lid van die Joodse Raad, van Ramatayim, 'n stad van Y'udah, 'n goeie en regverdige man,

51 wat nie met hulle besluit en uitvoering saamgestem het nie, wat ook self die Koninkryk van God verwag het,

52 het na Pilatos gegaan en die liggaam van Yeshua gevra,

53 dit afgehaal, in linne toegedraai en dit in 'n graf gesit wat uit rots gekap was, waarin niemand nog ooit gelê het nie.

54 Dit was die dag van voorbereiding en Shabbat was op die punt om te begin.

55 Die vroue wat saam met Hom van die Galila af gekom het, het ook saamgegaan en die graf gesien en hoe Sy liggaam neergesit is.

56 Toe het hulle teruggegaan en speserye en salf voorberei en op die Shabbat gerus volgens die opdrag. ^{Eks 20:8-11; Deut 5:11-15}

24 1 Vroeg in die oggend, op die eerste dag van die week terwyl dit nog donker was, het hulle en ander vrouens saam met hulle, die speserye gebring wat deur hulle voorberei is en by die graf gekom

2 en gevind dat die steen voor die graf weggerol is.

3 Hulle het ingegaan en nie die liggaam van Yeshua gekry nie.

4 Terwyl hulle gewonder het hieroor, let op, staan daar twee manne oor hulle en hulle klere was glansblink.

5 Hulle het baie bang geword en met hulle gesigte na die aarde gebuig. Die manne sê vir hulle: "Waarom soek julle Die Lewe tussen die dooies?"

6 Hy is nie hier nie; Hy het opgestaan. Onthou wat Hy vir julle vertel het toe Hy nog in die Galila was:

7 Hy het gesê: 'Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word en op die derde dag sal Hy opstaan'."

8 Die vrouens het Sy woorde onthou.

9 Hulle gaan toe terug van die graf af en vertel dit alles aan die elf en aan al die ander.

10 Dit was Miryam van Migdala, Yoganah en Miryam, die moeder van Ya'akov en die ander vroue saam met hulle wat dit aan die afgevaardigdes vertel het.

11 Hulle woorde was vir hulle soos ydel praatjies en hulle het hulle nie geglo nie,

12 maar Shim'on het opgestaan en na die graf toe gehardloop en toe hy kyk, sien hy die doeke alleen lê en hy het weggegaan, wonderend in sy gees oor wat gebeur het.

13 Let op, twee van hulle was daardie dag op pad na 'n dorp wat sewe en 'n half myl (12 km) van Yerushalayim af is, met die naam van Amma'us. ^{Mar 16:12}

14 Hulle het met mekaar gepraat oor al hierdie dinge wat gebeur het

- 15 en terwyl hulle praat en dit bespreek, ontmoet Yeshua hulle en loop saam met hulle,
- 16 maar hulle oë is toegemaak sodat hulle Hom nie kon herken nie.
- 17 Hy sê vir hulle: “Wat is hierdie sake waarom julle loop en praat met mekaar en waarom julle so treurig is?”
- 18 Een van hulle met die naam van Kleopas antwoord en sê vir Hom: “U is inderdaad alleen ’n vreemdeling in Yerushalayim dat U nie van die dinge weet wat in hierdie dae daar gebeur het nie.”
- 19 Hy sê vir hulle: “Watter dinge?” Hulle antwoord Hom: “Aangaande Yeshua, van Natzeret, wat ’n profeet was, kragtig in daad en boodskap voor God en voor die hele nasie.
- 20 Hoe die leierpriesters en leiers Hom oorgelewer en veroordeel het tot die dood en Hom gekruisig het.
- 21 Ons het ’n versekerde verwagting gehad dat dit Hy was wat Yisra’el sou bevry en let op, dit is reeds drie dae nadat al hierdie dinge plaasgevind het.
- 22 Sommige vroue uit ons geleedere het ons ook verstom nadat hulle vroeër by die graf was
- 23 en toe hulle Sy liggaam nie kry nie, het hulle gekom en gesê dat hulle ook boodskappers daar gesien het wat sê dat Hy lewe.
- 24 Sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue gesê het, maar hulle het Hom nie gesien nie.”
- 25 Toe sê Yeshua vir hulle: “O, onverstandiges, met verstand, wil en emosie wat stadig is om alles wat die profete gesê het te vertrou!
- 26 Moes dié Gesalfde Een nie hierdie dinge deurgaen en in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid ingaan nie?”
- 27 Hy het begin om vanaf Mosheh en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik
- 28 en toe hulle naby die dorp kom waarheen hulle op pad was, het Hy aangekondig dat Hy na ’n plek verder gaan.
- 29 Hulle het Hom teruggehou en vir Hom gesê: “Bly by ons, want die dag is besig om verby te gaan en dit word donker” en Hy het ingegaan om by hulle te bly.
- 30 Dit het gebeur dat toe Hy saam met hulle aan tafel skuinslê, Hy die brood vat, dank, dit breek en dit aan hulle gee.
- 31 Onmiddellik het hulle oë oopgegaan en hulle het Hom herken en Hy het van voor hulle af opgegaan.
- 32 Hulle sê vir mekaar: “Was ons verstand nie onnosel in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte oopgemaak het nie?”
- 33 Toe staan hulle dadelik op en gaan terug na Yerushalayim en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was,
- 34 wat sê: “Ons Meester het waarlik opgestaan en aan Shim’on verskyn.”
- 35 Hulle het ook vertel wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.

- 36 Terwyl hulle hierdie dinge vertel, staan Yeshua tussen hulle en Hy sê vir hulle: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle! Ek is onveranderlik dieselfde, moenie bang wees nie.”
- 37 Hulle het geskrik, was in vrees en het gedink dat hulle ’n gees sien.
- 38 Yeshua sê vir hulle: “Waarom is julle geskud en kom daar allerhande gedagtes by julle op?
- 39 Kyk na My hande en My voete, dat Ek onveranderlik dieselfde is. Vat aan My en wees seker, want ’n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.”
- 40 Toe Hy hierdie dinge gesê het, wys Hy vir hulle Sy hande en Sy voete
- 41 en steeds het hulle, van vreugde, nie geglo nie en hulle verwonder en Hy sê vir hulle: “Het julle iets hier om te eet?”
- 42 Toe gee hulle vir Hom ’n stuk gebraaide vis en ’n heuningkoek
- 43 en Hy het dit gevat en voor hulle geëet.
- 44 Hy sê vir hulle: “Hierdie is die boodskap wat Ek met julle gedeel het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Mosheh, die Profete en die Psalms, volledig gemaak moet word.”
- 45 Toe maak Hy hulle verstand oop om die Skrifte te verstaan
- 46 en Hy sê vir hulle: “So is dit geskrywe en dit was reg dat dit so gebeur: dié Gesalfde Een moes ly en op die derde dag uit die dood uit opstaan
- 47 en in Sy Karakter en Outoriteit moet die erken, berou en wegdraai tot vergifnis van sonde verkondig word in al die nasies, beginnende by Yerushalayim ^{Mat 28:19; Mar 16:15; Hand 1:8}
- 48 en julle is getuies van hierdie dinge.
- 49 Ek sal die Belofte van My Vader oor julle stuur, ^{Yog 14:16,17,26} maar julle moet in die stad Yerushalayim bly totdat julle aangetrek is met wonderwerkende Krag van Bo.”
- 50 Hy het hulle gevat tot by Beit-Anyah en Hy het Sy hande opgelig en hulle geseën
- 51 en terwyl Hy hulle seën, is Hy van hulle afgeskei en het Hy in die hemel opgegaan.
- 52 Hulle het neergeval in eerbetoning aan Hom en na Yerushalayim teruggegaan te midde van groot vreugde.
- 53 Hulle was voortdurend in die tempel terwyl hulle God geloof en goed gepraat het van Hom. Dit is waar.

Die vierde boek van die Nuwe Verbond

Die goeie boodskap oor Yeshua, dié Gesalfde Een,
geskryf deur Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes
van Yeshua.

Yoganan

יֹחָנָן

{ יהודה gee onverdiende guns }
(Johannes)

Dit is in Aramees, Yoganan se huistaal, voor die vernietiging
van die tempel geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 In 'n begin het die boodskap reeds bestaan ^{Yes 40:8} en daardie boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie boodskap. ^{Mik 5:1; Mal 3:1}
- 2 Hierdie het aanvanklik saam met God bestaan.
- 3 Alles is deur Sy hande gemaak en sonder Hom het niks bestaan van wat ontstaan het nie.
- 4 In Hom was die Lewe en die Lewe was die Lig vir die mense.
- 5 Daardie Lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie. ^{Kol 1:13}
- 6 Daar was 'n man wat van God gestuur is, met die naam Yoganan.
- 7 Hy het as 'n getuienis gekom om van die Lig te getuig sodat almal deur Hom sou vertrou. ^{1 Yog 1:5}
- 8 Hy was nie die Lig nie, maar hy moes van die Lig getuig,
- 9 van die Lig van waarheid, wat elke mens wat in die wêreld inkom, verlig. ^{Kol 1:12}
- 10 Hy was in die wêreld en die wêreld bestaan deur Sy hand en die wêreld het Hom nie geken nie. ^{Kol 1:14-20}
- 11 Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie,
- 12 maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om seuns van God te word, aan hulle wat in Sy Karakter en Outoriteit vertrou;
- 13 dié wat nie vanuit die bloed of vanuit die begeerte van die vlees of vanuit die begeerte van 'n man nie, maar vanuit God, gebore is. ^{Yog 3:3-6}
- 14 Die boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekgeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.
- 15 Yoganan het van Hom getuig en uitgeroep en gesê: “Dit is Hy van Wie ek gesê het dat Hy ná my kom en tog voor my was, want Hy is belangriker as ek.”
- 16 Vanuit Sy volheid het ons almal onverdiende guns op onverdiende guns ontvang,
- 17 want die wet is via Mosheh gegee; die onverdiende guns en die waarheid het via Yeshua, dié Gesalfde Een, bestaan.
- 18 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar die enigste Uniekgeborene van God, wat aan die bors van die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.
- 19 Dit is die getuienis van Yoganan, toe die Jode priesters en Leviëte uit Yerushalayim gestuur het om hom te vra: “Wie is u?”
- 20 Hy het erken en nie ontken nie, maar erken: “Ek is nie dié Gesalfde Een nie.”
- 21 Hulle vra hom weer: “Wie dan? Is u Eliyahu?” Hy sê: “Ek is nie.” “Is u die profeet?”
- Hy antwoord: “Nee.” ^{Deut 18:15-22}
- 22 Hulle vra vir hom: “Wie is u dan sodat ons 'n verklaring kan gee aan dié wat ons gestuur het. Wat sê u van uself?”
- 23 Hy sê: “Ek is die stem van een wat roep in die wildernis: ‘Berei die pad van יהוה’ voor,” ^{Mal 3:1; Mat 3:3} soos Yesha'yahu, die profeet, gesê het!” ^{Yes 40:3}
- 24 Die wat gestuur is, was uit die Fariseërs
- 25 en hulle vra hom en sê vir hom: “Hoekom doop u dan as u nie dié Gesalfde Een of Eliyahu of die profeet is nie?”

- 26 Yoganan antwoord hulle en sê: “Ek doop in water, maar Hy staan tussen julle vir Wie julle nie ken nie,
27 dit is Hy wat ná my kom en Hyself was voor my, Wie se sandaalband ek nie waardig is om los te maak nie.”
28 Dit het gebeur by Beit-Anyah, aan die oorkant van die Yarden, waar Yoganan besig was om te doop.
29 Die volgende dag sien Yoganan vir Yeshua na hom toe kom en hy sê: “Let op, Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld verwyder!
30 Dit is Hy van Wie ek gesê het: ‘Die Man wat ná my kom, Hy was voor my, want Hy is belangriker as ek.’
31 Ek het Hom nie geken nie, maar ek het gekom en in water gedoop sodat Hy aan Yisra’el gemanifesteer sou word.”
32 Yoganan het getuig en gesê: “Ek het die Gees soos ’n duif uit die hemel sien afkom en op Hom bly.
33 Ek het Hom nie geken nie, maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘Hy op Wie jy die Gees sien afkom en bly, dit is Hy wat in die Gees wat Afgesonderd is doop’ ^{Mat 3:16; Mar 1:10; Luk 3:22}
34 en ek hét gesien en getuig dat hiêrdie die Seun van God is.”
35 Op ’n ander dag het Yoganan weer daar gestaan met twee van sy studente-
volgelinge
36 en hy sien Yeshua loop en sê: “Let op, die Lam van God!”
37 Die twee studentevolgelinge het hom dit hoor sê en Yeshua gevolg.
38 Yeshua het omgedraai en hulle gesien wat Hom volg en vir hulle gevra: “Wat soek julle?” Hulle antwoord Hom: “Leermeester, waar is U tuis?”
39 Hy sê vir hulle: “Kom kyk.” Hulle het gegaan en gesien waar Hy bly en dié dag by Hom gebly. Dit was omtrent die tiende uur (vieruur).
40 Andreas, die broer van Shim’on, was self een van hulle wat dit by Yoganan gehoor en Hom gevolg het.
41 Hy het eerste vir Shim’on, sy broer, gesien en vir hom gesê: “Ons het dié Gesalfde Een gevind.”
42 Hy het hom na Yeshua toe gebring en Yeshua het na hom gekyk en gesê: “Jy is Shim’on, die seun van Yoganan; jy sal Kefa genoem word.”
43 Die volgende dag wou Yeshua na die Galila gaan en Hy ontmoet vir Filippus en sê vir hom: “Volg My.”
44 Filippus was van Beit-Tzaidah, die stad van Andreas en Kefa.
45 Filippus het vir Natan’el gekry en vir hom gesê: “Ons het Hom gevind van Wie Moshéh in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. Hy is Yeshua, die seun van Yosef van Natzeret.”
46 Natan’el vra vir hom: “Kan daar uit Natzeret iets goeds wees?” Filippus antwoord hom: “Kom kyk.”
47 Yeshua sien vir Natan’el toe hy na Hom toe aankom en sê van hom: “Let op, waarlik ’n seun van Yisra’el in wie daar geen misleiding is nie.”

48 Natan'el vra vir Hom: "Waarvandaan ken U my?" Yeshua antwoord en sê vir hom: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien."

49 Natan'el antwoord en sê vir Hom: "Leermeester, U is die Seun van God, U is die Koning van Yisra'el!"

50 Yeshua sê vir hom: "Vertrou jy omdat Ek vir jou gesê het: 'Ek het jou onder die vyeboom gesien?' Jy sal groter dinge sien as dit."

51 Hy sê vir hom: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê dat julle van nou af sal sien hoe die hemel oopgemaak word en die boodskappers van God wat opgaan en afgaan op die Seun van die mens." ^{Gen 28:12}

2 1 Op die Derededag was daar 'n bruilofsfees in Kanah, 'n stad in die Galila en die moeder van Yeshua was daar.

2 Yeshua self en Sy studentevolginge is ook na die bruilofsfees genooi.

3 Die wyn was te min en Yeshua se moeder sê vir Hom: "Hulle het nie wyn nie."

4 Yeshua sê vir haar: "Hoe gaan dit ons aan, vrou? My tyd het nog nie gekom nie."

5 Sy moeder sê vir die diensknegte: "Wat Hy ook al vir julle sê, dit moet julle doen."

6 Daar was ses klip waterkanne vir die Joodse seremoniële reinigings, wat elkeen 'n honderd tot 'n honderd en vyftig liter hou.

7 Yeshua sê vir hulle: "Maak die kanne vol water." Hulle het hul tot by die rand toe vol gemaak.

8 Hy sê vir hulle: "Skep nou uit en vat dit vir die seremoniemeester." Hulle het dit gevat.

9 Toe die seremoniemeester die water, wat wyn geword het, proe (hy het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar dié wat bedien en die water geskep het, het geweet), roep die seremoniemeester die bruidegom

10 en sê vir hom: "Alle mense sit eers die goeie wyn voor en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegte, maar u het die goeie wyn tot nou toe gehou."

11 Hierdie eerste een van Sy wonderwerke het Yeshua in Kanah in die Galila gedoen en Hy het Sy eer, lof en grootheid gewys en Sy studentevolginge het in Hom vertrou.

12 Daarna het Hy na K'far-Nagum afgegaan, saam met Sy moeder, Sy broers en Sy studentevolginge en hulle was 'n paar dae daar.

13 Pesag van die Jode was naby en Yeshua het na Yerushalayim opgegaan

14 en Hy het die verkopers van beeste, skape, duiwe en die geldwisselaars wat daar sit, in die tempel gekry.

15 Hy het vir Homself 'n sweep van tou gemaak en almal uit die tempel uitgedryf; die skape en die beeste en die geldstukke van die wisselaars het Hy ook uitgegooi en hulle tafels omgekeer.

16 Vir die duiweverkopers het Hy gesê: "Vat hierdie goed hier uit; moenie die huis van My Vader 'n huis vir handeldryf maak nie."

17 Sy studentevolginge het egter onthou dat daar geskrywe is: "Die ywer vir U huis het My verteer." ^{Ps 69:10}

- 18 Hierop antwoord die Jode en sê vir Hom: “Watter wonderteken wys U vir ons dat U hierdie dinge doen?”
- 19 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig.”
- 20 Die Jode sê vir Hom: “Ses en veertig jaar lank word aan hierdie tempel gewerk en U sal dit in drie dae oprig?”
- 21 Hy het dit gesê aangaande die Tempel van Sy liggaam ^{1 Kor 6:19,20}
- 22 en nadat Hy uit die graf uit opgestaan het, het Sy studentevolgelinge onthou dat Hy dit vir hulle gesê het en hulle het die Skrif en die boodskap wat Yeshua gebring het, vertrou.
- 23 Terwyl Hy, tydens die fees van Pesag, in Yerushalayim gebly het, het baie in Sy Karakter en Outoriteit vertrou omdat hulle die wondertekens wat Hy doen, gesien het,
- 24 maar Yeshua self het hulle nie vertrou nie omdat Hy almal geken het
- 25 en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand oor enige iemand sou getuig nie, want Hy self het geweet wat in die mens is.
- 3** 1 Een van die Fariseërs, met die naam van Nakdimon, ’n leier van die Jode, het daar gebly.
- 2 Hierdie man het in die nag na Yeshua toe gekom en vir Hom gesê: “Leermeester, ons weet dat U ’n leermeester is wat vanaf God gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat U doen, as God nie by hom is nie.”
- 3 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie van bo af gebore word nie, is dit onmoontlik vir hom om die Koninkryk van God te sien.” ^{Yog 1:13; Ya’a 1:18; Tit 3:5; 1 Kef 1:3,23}
- 4 Nakdimon vra vir Hom: “Hoe is dit moontlik vir ’n mens, as hy oud is, om gebore te word? Is dit nie onmoontlik vir ’n man om ’n tweede keer in sy moeder se baarmoeder in te gaan en gebore te word nie?”
- 5 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, is dit onmoontlik dat hy in die Koninkryk van God kan ingaan.
- 6 Dit wat uit die vlees gebore is, is vlees en dit wat uit die Gees gebore is, is Gees.
^{Rom 8:5; 1 Kor 15:50}
- 7 Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het dat dit nodig is vir julle om van bo af gebore te word nie.
- 8 Die Gees blaas waar Hy wil en jy hoor Sy Stem, maar jy weet nie vanwaar Hy kom en waarheen Hy gaan nie. Net so is elkeen wat uit die Gees gebore is.”
- 9 Nakdimon antwoord en sê vir Hom: “Hoe is dit moontlik vir hierdie dinge om te gebeur?”
- 10 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Jy is ’n leermeester van Yisra’el en jy weet hierdie dinge nie?
- 11 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: Ons sê wat Ons verstaan en Ons getuig van wat Ons gesien het en julle aanvaar nie Ons getuienis nie.
- 12 As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle dit nie glo nie, hoe sal julle My glo as Ek julle van die hemelse vertel?

- 13 Niemand het opgegaan in die hemel in nie, behalwe Hy wat uit die hemel uit afgekom het, naamlik die Seun van die mens: Hy wat in die hemel is
- 14 en net soos Moshé die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word ^{Num 21:6-9}
- 15 sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê,
- 16 want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniekgebore Seun opgee het sodat elkeen wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê, ^{1 Yog 4:9,10}
- 17 want God het nie Sy Seun in die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat Hy lewe aan die wêreld kan gee deur Sy hand. ^{Gen 3:24; Open 22:14}
- 18 Wie ook al in Hom vertrou, word nie geoordeel nie, maar hy wat nie vertrou nie, is nou alreeds veroordeel omdat hy nie vertrou het in die Karakter en Outoriteit van die enigste Uniekgebore Seun van God nie.
- 19 Dit is die veroordeling: die Lig het in die wêreld gekom en die mense het die duisternis eerder liefgehad as die Lig, want hulle dade was boos,
- 20 want elkeen wat doen wat haatlik is, haat die Lig en kom nie na die Lig nie sodat sy dade nie veroordeel kan word nie,
- 21 maar hy wat die waarheid doen, kom na die Lig sodat sy dade openbaar kan word, dat hulle deur God gedoen is.” ^{Efe 5:13}
- 22 Na hierdie dinge het Yeshua en Sy studentevolgelinge na die streek van Y’hudah gegaan en daar het Hy saam met hulle gewerk en gedoop,
- 23 maar Yoganan was ook besig om in Einayim, wat langs Shalem is, te doop omdat daar water was en baie mense aangehou kom het en gedoop is,
- 24 want Yoganan is nog nie in die tronk gegooi nie.
- 25 Daar het ’n strydvraag ontstaan tussen ’n studentevolgeling van Yoganan en ’n sekere Jood oor die seremoniële reiniging
- 26 en hulle het na Yoganan gekom en vir hom gesê: “Leermeester, Hy wat saam met u oorkant die Yarden was, van Wie u getuig het, let op, Hy doop ook en baie gaan na Hom toe.”
- 27 Yoganan antwoord en sê vir hulle: “’n Mens kan niks ontvang uit sy eie wil nie, maar slegs as dit vir hom uit die hemel gegee is.
- 28 Julle is my getuies dat ek gesê het: ‘Ek is nie dié Gesalfde Een nie, maar ek is een wat voor Hom uitgestuur is.
- 29 Hy wat die bruid het, is die Bruidegom, maar die vriend van die Bruidegom, wat na hom staan en luister, verheug hom baie oor die stem van die Bruidegom; daarom, let op, is my vreugde volledig. ^{Open 19:7}
- 30 Dit is nodig vir Hom om meer te word en vir my om minder te word.
- 31 Hy wat van bo kom, is hoër as almal; hy wat van die aarde is, is vanuit die grond en praat vanuit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is hoër as almal.
- 32 Dit wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy en niemand aanvaar Sy getuienis nie.
- 33 Wie Sy getuienis aanvaar, verklaar dat God waar is,

- 34 want Hy wat deur God gestuur is, bring die boodskappe van God, want God het nie Sy Gees in mate gegee nie. Kol 2:9
- 35 Die Vader het die Seun lief en het alles in Sy hand gegee.
- 36 Wie ook al in die Seun vertrou, het die ewige lewe en wie ook al die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die woede van God sal teen hom staan.”
- 4 1 Yeshua het geweet dat die Fariseërs gehoor het dat Hy baie studentevolgelinge gemaak het en meer gedoop het as Yoganan,
- 2 alhoewel Yeshua self nie gedoop het nie, maar wel Sy studentevolgelinge.
- 3 Hy het weggegaan uit Y’udah en weer na die Galila gegaan,
- 4 maar dit was nodig vir Hom om deur Shomron te gaan.
- 5 Hy kom by ’n stad van Shomron, wat Sh’khem genoem word, langs die dorpie wat Ya’akov aan sy seun Yosef gegee het. Gen 33:19; Y’ho 24:32
- 6 Die fontein van Ya’akov was ook daar. Aangesien Yeshua moeg was van die reis, het Hy by die fontein gaan sit. Dit was omtrent die sesde uur (twaalfuur die middag).
- 7 ’n Vrou van Shomron het gekom om water te trek. Yeshua vra vir haar: “Gee vir My water om te drink,”
- 8 want Sy studentevolgelinge het na die stad gegaan om vir hulleself kos te koop.
- 9 Die vrou van Shomron vra vir Hom: “Hoe is dit dat U, wat ’n Jood is, van my iets vra om te drink terwyl ek ’n vrou van Shomron is?” Want die Jode assosieer nie met die mense van Shomron nie.
- 10 Yeshua antwoord en sê vir haar: “As jy die geskenk van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: ‘Gee vir My iets om te drink,’ sou jy Hom gevra het vir wat Hy het en Hy sal vir jou Lewende Water gee.” Yir 17:13; Open 21:6
- 11 Die vrou sê vir Hom: “My Meester, U het nie eens ’n emmer nie en die put is diep, van waar het U dié Lewende Water?
- 12 Is U groter as ons vader Ya’akov, wat die put aan ons gegee het en self saam met sy seuns en vee daaruit gedrink het?”
- 13 Yeshua antwoord en sê vir haar: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word,
- 14 maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom ’n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe.” Yir 2:13
- 15 Die vrou sê vir Hom: “My Meester, gee vir my daardie water sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom trek nie.”
- 16 Yeshua sê vir haar: “Gaan roep jou man en kom hier.”
- 17 Die vrou antwoord en sê: “Ek het nie ’n man nie.” Yeshua sê vir haar: “Jy het korrek geantwoord: ‘Ek het nie ’n man nie,’
- 18 want jy het vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat.”
- 19 Die vrou sê vir Hom: “My Meester, ek sien dat U ’n profeet is.
- 20 Ons vaders het op hierdie berg aanbid en julle sê dat die plek waar ons moet aanbid, in Yerushalayim is.” Deut 11:29; Y’ho 8:33

- 21 Yeshua sê vir haar: “Vrou, vertrou My, daar kom ’n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Yerushalayim sal aanbid nie.
- 22 Julle aanbid wat julle nie ken nie; ons aanbid wat ons ken. Hy wat Lewe is, is vanuit die Jode,
- 23 maar daar kom ’n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. ^{Mal 1:11}
- 24 God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid.”
- 25 Die vrou sê vir Hom: “Ek weet dat dié Gesalfde Een kom en wanneer Hy kom, sal Hy ons alle dinge leer.”
- 26 Yeshua sê vir haar: ‘Ek is onveranderlik dieselfde, Ek wat met jou praat!’
- 27 Terwyl Hy praat kom Sy studentevolgelinge en hulle was verbaas dat Hy met ’n vrou praat. Tog het niemand gesê: ‘Wat soek jy?’ of: ‘Waarom praat U met haar?’ nie.
- 28 Die vrou het haar waterkan gelos en die stad ingegaan en vir die mense gesê:
- 29 “Kom kyk, ’n man wat my alles vertel wat ek gedoen het. Is Hy dié Gesalfde Een?”
- 30 Hulle het uit die stad uitgegaan en na Hom toe gekom.
- 31 Te midde van hierdie dinge het Sy studentevolgelinge by Hom aangedring en gesê: “Ons Meester, eet.”
- 32 Hy sê egter vir hulle: “Ek het kos om te eet wat julle nie van weet nie.” ^{Kol 3:2}
- 33 Die studentevolgelinge vra vir mekaar: “Het iemand dalk vir Hom ete gebring?”
- 34 Yeshua sê vir hulle: “My persoonlike kos is om die wil te doen van Hóm wat My gestuur het en om Sy werk te voltooi.
- 35 Sê julle nie: ‘Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie?’ Let op, Ek sê vir julle, lig julle oë op en kyk na die lande, dat hulle nou reeds wit is van die oes.
- 36 Wie ook al oes, ontvang beloning en vergader vrug vir die ewige lewe en die een wat saai en die een wat oes sal saam bly wees,
- 37 want hierin is ’n woord van waarheid: ‘Die een saai en ’n ander oes.’
- 38 Ek het julle gestuur om dit waarvoor julle nie gewerk het nie te oes, maar ander het gewerk en julle het ingekom op hulle werk.”
- 39 Baie van die mense van Shomron, uit daardie stad, het in Hom vertrou as gevolg van die boodskap van die vrou wat getuig het: “Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.”
- 40 Toe die mense van Shomron by Hom kom, het hulle Hom gevra om by hulle te bly en Hy het twee dae daar gebly.
- 41 Baie het op grond van Sy boodskap vertrou
- 42 en aan die vrou gesê: “Ons vertrou nie nou op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik dié Gesalfde Een, die Lewegewer van die wêreld, is.” ^{Yir 21:8}
- 43 Ná die twee dae het Hy van daar af weggegaan na die Galila toe,
- 44 want Yeshua self het getuig dat ’n profeet nie in sy eie stad eer ontvang nie.

- 45 Toe Hy in die Galila kom, het die mense van die Galila Hom ontvang omdat hulle al die wonderwerke gesien het wat Hy in Yerushalayim op die fees gedoen het, want hulle het ook na die fees gegaan.
- 46 Yeshua het weer in Kanah, in die Galila, gekom, waar Hy die water wyn gemaak het en 'n sekere koning se dienskneg, wie se seun siek was, het in K'far-Nagum gebly.
- 47 Hy het gehoor dat Yeshua vanuit Y'hudah in die Galila aangekom het en na Hom toe gegaan en Hom gesmeek om af te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê.
- 48 Yeshua sê vir hom: "As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit vertrou nie."
- 49 Die koning se dienskneg sê vir Hom: "My Meester, kom af, anders sal die kind sterf."
- 50 Yeshua antwoord hom: "Gaan, jou seun lewe!" Die man het dit wat Yeshua vir hom gesê het, vertrou en hy het gegaan.
- 51 Terwyl hy op pad was huis toe, kom sy slaaf hom tegemoet en bring die goeie nuus en sê: "U seun leef!"
- 52 Hy vra van hulle die tyd waarop hy genees is en hulle sê vir hom: "Gister, die sewende uur (om eenuur die middag), het die koors hom verlaat."
- 53 Die vader het geweet dat dit dieselfde tyd was waarop Yeshua vir hom gesê het: 'Jou seun leef!' Hy persoonlik en sy hele huis het vertrou.
- 54 Hierdie was die tweede wonderteken wat Yeshua gedoen het toe Hy uit Y'hudah in die Galila gekom het.

- 5** 1 Na hierdie dinge was daar 'n fees van die Jode en Yeshua het opgegaan na Yerushalayim. ^{Deut 16:16}
- 2 In Yerushalayim is daar 'n sekere doopbad met vyf afdakke, wat in Aramees, Beit-Hesda genoem word,
- 3 waarby baie siekes gelê het: blindes, kreupeles en lammes, wat op die roering van die water gewag het,
- 4 want 'n boodskapper het van tyd tot tyd in die doopbad afgekom en die water geroer. Die een wat dan die eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword van watter siekte ook al op hom was.
- 5 Daar was egter 'n sekere man, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het.
- 6 Yeshua het hom gesien lê en Hy het geweet dat hy al 'n lang tyd so is. Hy vra vir hom: "Wil jy gesond word?"
- 7 Die sieke antwoord Hom en sê: "O, my Meester, ek het niemand om my in die doopbad te sit as die water geroer word nie en terwyl ek op pad is, gaan 'n ander een voor my in."
- 8 Yeshua sê vir hom: "Staan op, tel jou bedmat op en loop."
- 9 Dadelik het die man gesond geword en sy bedmat opgetel en geloop en daardie dag was Shabbat.
- 10 Die Jode sê vir hom wat genees is: "Dit is Shabbat; dit is nie toegelaat vir jou om jou bedmat te dra nie."

- 11 Hy antwoord en sê vir hulle: “Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: ‘Tel jou bedmat op en loop’.”
- 12 Hulle vra hom: “Wie is die man wat vir jou gesê het: tel jou bedmat op en loop?”
- 13 Hy wat gesond geword het, het nie geweet wie Yeshua was nie, want Hy het Homself stilweg in die groot skare wat daar was, onttrek.
- 14 Na ’n tyd het Yeshua hom in die tempel gekry en vir hom gesê: “Let op, jy is gesond; moenie aanhou sondig nie sodat daar nie iets ergers as tevore met jou gebeur nie.”
- 15 Die man het gegaan en aan die Jode vertel dat dit Yeshua was wat hom gesond gemaak het
- 16 en hieroor het die Jode Yeshua vervolg en beplan om Hom dood te maak omdat Hy dit op die Shabbat gedoen het.
- 17 Yeshua self sê vir hulle: “My Vader is tot nou toe besig om te werk en Ek is ook besig om te werk.”
- 18 Hieroor het die Jode toe nog ernstiger beplan om Hom dood te maak omdat Hy nie net die Shabbat verbreek het nie, maar ook omdat Hy beweer het dat God Sy Vader is en daardeur gesê het dat Hy self ook gelyk is aan God.
- 19 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: die Seun kan niks uit Sy eie wil doen nie behalwe wat Hy die Vader sien doen, want die dinge wat die Vader doen, dit doen die Seun ook, net soos Hy,
- 20 want die Vader het Sy Seun lief en wys Hom alles wat Hyself doen en groter werke as hierdie sal Hy Hom wys sodat julle verwonderd kan wees,
- 21 want net soos die Vader die wat dood is, opwek en vir hulle lewe gee, net so gee die Seun ook lewe vir wie Hy wil.
- 22 Dit is nie die Vader wat die mens oordeel nie, maar Hy het al die veroordeling aan die Seun gegee
- 23 sodat almal die Seun kan eer, net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.
- 24 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie ook al My boodskap hoor, luister en doen en Hom vertrou wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die veroordeling nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.
- 25 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: daar kom ’n tyd en dit is nou, wanneer die wat dood is die stem van die Seun van God sal hoor en die wat dit hoor, sal lewe,
- 26 want net soos die Vader lewe het in Homself, net so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.
- 27 Hy het aan Hom outoriteit gegee om ook te veroordeel
- 28 omdat Hy die Seun van die mens is. Moenie julle hieroor verwonder nie, want daar kom ’n tyd wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor
- 29 en sal uitgaan; die wat goed gedoen het, in die opstanding van die lewe in en die wat bose dade gedoen het, in die opstanding van die veroordeling in.
- 30 Ek kan niks uit My eie wil doen nie. Volgens wat Ek gehoor het, beoordeel Ek en My oordeel is regverdig omdat Ek nie My wil begeer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. Deut 18:18
- 31 As Ek van Myself getuig, dan is My getuienis nie waar nie.

- 32 Daar is 'n ander een wat van My getuig en Ek weet dat die getuienis wat hy aangaande My gee, waar is.
- 33 Julle het na Yoganan toe gestuur en hy het van die Waarheid getuig.
- 34 Ek aanvaar nie die getuienis van 'n mens nie, maar Ek sê dit sodat julle kan lewe.
- 35 Hy was 'n brandende en skynende lamp en julle wou grootpraat oor die tydjie in sy lig,
- 36 maar Ek het 'n groter getuienis as dié van Yoganan, want die werke wat die Vader My gegee het om te voltooi, die werke wat Ek doen, getuig self van My dat die Vader My gestuur het.
- 37 Die Vader wat My gestuur het, Hy getuig van My. Julle het nog nooit van ewigheid af Sy stem gehoor of Sy voorkoms gesien nie
- 38 en julle het Sy boodskap nie as iets wat bly in julle nie omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie vertrou nie.
- 39 Ondersoek die Skrifte, want in hulle het julle 'n versekerde verwagting dat julle die ewige lewe het en hulle getuig van My,
- 40 tog wil julle nie na My toe kom om die ewige lewe te kry nie.
- 41 Ek aanvaar nie eer, lof en grootheid van mense nie,
- 42 maar Ek ken julle, dat die liefde van God nie in julle is nie.
- 43 Ek het gekom in die Karakter en Outoriteit van My Vader en julle aanvaar My nie. As 'n ander een in sy eie karakter en outoriteit kom, hóm sal julle aanvaar.
- 44 Hoe kan julle vertrou? Julle aanvaar eer en lof van mekaar en die eer en lof wat van die een God kom, aanvaar julle nie.
- 45 Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Moshéh op wie julle 'n versekerde verwagting het,
- 46 want ás julle Moshéh geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf. Gen 49:10; Num 24:17; Deut 18:15-18
- 47 Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?"

- 6** 1 Na hierdie dinge het Yeshua na die oorkant van die see van Galila, dit is, die see van Tiberias, gegaan
- 2 en 'n groot skare mense het saam met Hom gegaan omdat hulle die wondertekens gesien het wat Hy vir die siekes gedoen het.
- 3 Yeshua het opgegaan met 'n berg en daar saam met Sy studentevolgelinge gaan sit.
- 4 Die Pesagfees van die Jode was naby.
- 5 Yeshua het Sy oë opgelig en gesien dat 'n groot groep mense na Hom toe kom en Hy vra vir Filippus: "Waar kan ons gaan brood koop sodat hierdie mense kan eet?"
- 6 Hy het dit gesê om hom te toets, want Hy het geweet wat Hyself beplan het om te doen.
- 7 Filippus antwoord Hom: "Brood vir een honderd denarii sal nie genoeg wees sodat elkeen van hulle 'n stukkie kan kry nie."
- 8 Een van Sy studentevolgelinge, Andreas, Shim'on Kefa se broer, sê vir Hom:
- 9 "Hier is 'n seun wat vyf garsbrode en twee visse het, maar wat is dit vir so baie mense?"
- 10 Yeshua sê vir hulle: "Laat al die mense gaan sit." Daar was baie gras op dié plek en

- hulle het gaan sit; ongeveer vyf duisend manne in getal.
- 11 Yeshua vat die brode en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die wat daar sit; so ook die visse, soveel as hulle wou hê.
- 12 Nadat hulle versadig was, sê Hy vir Sy studentevolginge: “Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat niks verlore gaan nie.”
- 13 Hulle het bymekaargemaak en twaalf groot mandjies vol gemaak met stukke wat oorgebly het by dié wat die vyf garsbrode geëet het.
- 14 Die mense wat die wonderteken, wat Yeshua gedoen het, gesien het, het gesê: “Hy is waarlik die Profeet wat in die wêreld sou kom.” ^{Deut 18:15,18}
- 15 Yeshua het geweet dat hulle gereed was om Hom te kom gryp, om Hom koning te maak en Hy het Homself onttrek in daardie berg in, Hy alleen.
- 16 Toe dit aand geword het, het Sy studentevolginge afgegaan na die see toe
- 17 en nadat hulle in die boot geklim het, het hulle na die oorkant van die see gevaar na K’far-Nagum. Dit het donker geword en Yeshua het nog nie by hulle aangesluit nie.
- 18 Die see het onstuimig geword teen hulle omdat ’n sterk wind gewaai het.
- 19 Nadat hulle ongeveer vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Yeshua op die meer loop en toe Hy naby die boot kom, was hulle bang,
- 20 maar Yeshua sê vir hulle: “Ek is onveranderlik dieselfde, moenie bang wees nie.”
- 21 Hulle het Hom in die boot ontvang en dadelik het die boot by die land aangekom waarheen hulle op pad was.
- 22 Die volgende dag sien die mense, wat oorkant die see gestaan het, dat daar geen ander boot was nie, behalwe daardie een waarin Sy studentevolginge vertrek het en dat Yeshua nie saam met Sy studentevolginge in die boot geklim het nie,
- 23 maar ander bote het van Tiberias af aangeland, naby die plek waar hulle die brood geëet het waarvoor die Meester gedank het.
- 24 Nadat die mense dan gesien het dat nie Yeshua of Sy studentevolginge daar is nie, het hulle self ook in die bote geklim en na K’far-Nagum gegaan om Yeshua te soek
- 25 en toe hulle Hom oorkant die see gekry het, vra hulle vir Hom: “Leermeester, wanneer het U hier aangekom?”
- 26 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: Julle soek My nie omdat julle wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het.
- 27 Moenie werk vir die kos wat tot niet gaan nie, maar vir die kos wat aanhou tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens vir julle sal gee, want dit is op Hom wat die Vader, as God, Sy seël geplaas het.”
- 28 Hulle vra vir Hom: “Wat moet ons doen om in die diens van God te werk?”
- 29 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is die dienswerk van God, dat julle in Hom, wat Hy gestuur het, vertrou.”
- 30 Hulle sê vir Hom: “Watter wonderteken doen U sodat ons kan sien en U vertrou? Watter teken sal U doen?”
- 31 Ons vaders het ‘man hu’ in die wildernis geëet, soos geskrywe is: ‘Hy het vir hulle brood uit die hemel gegee om te eet.’” ^{Ps 78:24; Neg 9:15}

- 32 Yeshua sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: dit is nie Moshè wat die brood uit die hemel uit vir julle gegee het nie, maar My Vader gee vir julle die Brood van Waarheid vanuit die hemel,^{Eks 16:4,15; Num 11:7,8; Ps 105:40}
- 33 want die Brood van God is Hy wat vanuit die hemel afgekom het en aan die wêreld die lewe gee.”
- 34 Hulle antwoord Hom: “Ons Meester, gee altyd vir ons hierdie Brood.”
- 35 Yeshua sê vir hulle: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid,
- 36 maar Ek het vir julle gesê dat julle My gesien het en julle vertrou nie.
- 37 Almal wat die Vader vir My gegee het, sal na My toe kom en Ek sal hom wat na My toe kom, nie wegwys nie,
- 38 want Ek het uit die hemel afgekom, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.
- 39 Dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat Ek niemand, wat Hy My gegee het, sal vernietig nie, maar Ek hom sal opwek in die laaste dag.
- 40 Dit is die wil van My Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom vertrou, die ewige lewe sal hê en Ek sal hom opwek in die laaste dag.”
- 41 Die Jode het oor Hom gemurmureer omdat Hy gesê het: ‘Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood wat vanuit die hemel afgekom het.’
- 42 Hulle het gesê: “Is Hy nie Yeshua, die seun van Yosef, Wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe kan Hy dan sê: ‘Ek het vanuit die hemel afgekom?’”
- 43 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Moenie onder mekaar murmureer nie.
- 44 Niemand kan na My toe kom, as die Vader, wat My gestuur het, hom nie trek nie en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag.
- 45 Dit is geskrywe in die profete: ‘Almal sal deur God geleer word;’^{Yes 54:13} daarom sal elkeen, wat dit van die Vader gehoor en geleer het, na My toe kom.^{Rom 1:19,20}
- 46 Niemand het die Vader gesien nie, behalwe Hy wat van God af kom, Hy het self die Vader gesien.
- 47 Dit is ’n ewige waarheid wat Ek vir julle sê: hy wat in My vertrou, het die ewige lewe.
- 48 Ek is onveranderlik dieselfde, die Brood van Lewe.^{Am 8:11}
- 49 Julle vaders het die ‘man hu’ in die wildernis geëet en het doodgegaan.
- 50 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het sodat iemand daarvan kan eet en nie doodgaan nie.
- 51 Ek is onveranderlik dieselfde, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee.”
- 52 Die Jode het onder mekaar baklei en gesê: “Hoe kan Hy Sy liggaam vir ons gee om te eet?”
- 53 Yeshua sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.^{Mat 26:26-28}

- 54 Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag,
 55 want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank.
 56 Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.
 57 Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.
 58 Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die ‘man hu’ geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe.”
 59 Hierdie dinge het Hy in die bymekaarkomplek gesê toe Hy in K’far-Nagum lering gegee het.
 60 Baie van Sy studentevolginge wat gehoor het, het gesê: “Hierdie boodskap is moeilik, wie kan dit verstaan?”
 61 Yeshua het in Sy Gees geweet dat Sy studentevolginge hieroor murmureer en Hy vra vir hulle: “Is dit vir julle ’n struikelblok?”
 62 Julle sal daarom waarlik die Seun van die mens sien opvaar na die plek waar Hy aan die begin was.
 63 Die Gees is dit wat lewend maak, dit is tot geen voordeel vir die vlees nie; die dinge waaroor Ek met julle gepraat het, is Gees en is lewe,
 64 maar daar is sommige onder julle wat nie vertrou nie,” want Yeshua het van die begin af geweet wie hulle was wat nie vertrou nie en wie hy was wat Hom sou oorgee.
 65 Hy sê vir hulle: “Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom, as dit nie aan hom deur My Vader gegee is nie.”
 66 As gevolg van hierdie woorde het baie van Sy studentevolginge teruggegaan en nie meer saam met Hom geloop nie.
 67 Yeshua vra vir die twaalf: “Wil julle ook weggaan?”
 68 Shim’on Kefa antwoord en sê: “My Meester, na wie toe sal ons gaan? U het die boodskap van die ewige lewe
 69 en ons vertrou en weet dat U dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God is.”
 70 Yeshua antwoord hulle: “Het Ek julle twaalf nie gekies nie? Een van julle is ’n teëstander!”
 71 Hy het dit gesê van Y’hudah, die seun van Shim’on van K’riot, want hy, wat een van die twaalf was, sou Hom oorgee.

- 7** 1 Na hierdie dinge het Yeshua in die Galila geloop, want Hy wou nie in Y’hudah loop nie omdat die mense van Y’hudah beplan het om Hom dood te maak
 2 en die fees van die Jode, Sukkot, was naby. Lev 23:33-43; Num 29:12-39; Deut 16:13-16
 3 Sy broers het vir Hom gesê: “Gaan hiervandaan en gaan na Y’hudah sodat U studentevolginge die wonderdade wat U doen, kan sien,
 4 want niemand doen iets in die geheim en begeer dat dit bekend sal wees nie. As U hierdie dinge doen, wys Uself aan die wêreld,”
 5 want ook Sy broers het nie in Hom vertrou nie.

- 6 Yeshua sê vir hulle: “My tyd het nog nie gekom nie, maar julle tyd is altyd gereed.
7 Die wêreld kan julle nie haat nie, maar hy haat My omdat Ek van hom getuig dat sy dade boos is.
8 Gaan julle op na die fees. Ek gaan nie dadelik op na hierdie fees nie omdat my tyd nog nie aangebreek het nie.”
9 Hy het hierdie dinge gesê en in die Galila gebly,
10 maar nadat Sy broers opgegaan het na die fees, het Hy ook opgegaan, nie openlik nie, maar in die geheim.
11 Die mense van Y’hudah het Hom op die fees gesoek en gevra: “Waar is Hy?”
12 Daar is baie oor Hom gefluister onder die mense. Sommige het gesê: “Hy is goed,” maar ander het gesê: “Nee, Hy mislei die mense.”
13 Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie omdat hulle bang was vir dié van Y’hudah.
14 Toe die fees halfpad was, het Yeshua opgegaan na die tempel en geleer
15 en die Jode het hulle verwonder en gevra: “Hoe ken hierdie man die boekrolle terwyl Hy nie geleer het nie?”
16 Yeshua antwoord en sê: “Wat Ek leer is nie van My af nie, maar van Hom wat My gestuur het.
17 Wie ook al besluit om Sy wil te doen, verstaan My lering en of dit vanuit God is en of Ek vir My eie plesier praat.
18 Hy wat uit die plesier van sy gedagtes praat, soek sy eie verering, maar Hy wat die eer en lof soek van dié Een wat Hom gestuur het, Hy is getrou en daar is geen valsheid in Hom nie.
19 Is dit nie Mosheh wat vir julle die wet gegee het nie? Tog hou nie een van julle die wet nie.
20 Waarom beplan julle om My dood te maak?” Die skare mense antwoord en sê: “Daar is ’n demoon in U. Wie beplan om U dood te maak?”
21 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek het een daad gedoen en julle is almal verwonderd.
22 Mosheh het aan julle die besnydenis gegee, ^{Lev 12:3} nie dat dit van Mosheh is nie, maar van die vaders ^{Gen 17:1-27; 21:4} en julle besny ’n seun op die Shabbat.
23 As ’n seun besny word op die Shabbat omdat die wet van Mosheh nie gebreek moet word nie; hoe kla julle teen My omdat Ek ’n volledige mens op die Shabbat gesond gemaak het?
24 Moenie oordeel volgens vals voorwendsels nie, maar oordeel met ’n regverdige oordeel.”
25 Die inwoners van Yerushalayim sê: “Is dit nie Hy wat hulle beplan om dood te maak nie
26 en let op, Hy praat openlik en hulle sê niks vir Hom nie? Is dit moontlik dat die oudstes weet dat Hy waarlik dié Gesalfde Een is?
27 Ons weet van waar hierdie Een is, maar dié Gesalfde Een, wanneer Hy kom, sal niemand weet van waar Hy is nie.”

- 28 Yeshua verhef Sy stem terwyl Hy in die tempel leer en sê: “Julle ken My en julle weet ook van waar Ek is; tog het Ek nie uit Myself gekom nie, maar Hy wat My gestuur het, is Waar, vir Wie julle nie ken nie,
- 29 maar Ek ken Hom omdat Ek een met Hom is en Hy My gestuur het.”
- 30 Hulle wou Hom gryp en niemand het die hand aan Hom geslaan nie omdat Sy tyd nog nie gekom het nie,
- 31 maar baie van die mense het in Hom vertrou en gevra: “Wanneer dié Gesalfde Een kom, sal Hy meer wondertekens doen as wat hierdie man gedoen het?”
- 32 Die Fariseërs het gehoor dat die mense hierdie dinge van Hom sê en die Fariseërs en die leierpriesters het tempelwagte gestuur om Hom te vang.
- 33 Yeshua het gesê: “Ek is nog ’n kort tydjie by julle en Ek gaan om by Hom te wees wat My gestuur het.
- 34 Julle sal My soek en My nie kry nie en na waar Ek is, kan julle nie gaan nie.”
- 35 Daarop sê die Jode onder hulleself: “Waarheen berei Hy voor om te gaan dat ons nie by Hom kan wees nie? Berei Hy voor om na ’n streek van die nie-Jode te gaan en hulle te leer?”
- 36 Wat beteken hierdie woord wat Hy gesê het: ‘Julle sal My soek en My nie kry nie en na waar Ek is, kan julle nie gaan nie?’” ^{’Amo 8:12}
- 37 Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua opgestaan en verklaar: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!” ^{Yes 12:3; 55:1; ’Amo 8:11}
- 38 Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: ‘Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei.’” ^{Yes 44:3; 55:1; 58:11; Yir 17:13; Yog 4:10-14}
- 39 Dit het Hy gesê van die Gees, waarvoor dié wat in Hom vertrou, voorberei word om Hom te ontvang, want die Gees was nog nie gegee nie omdat Yeshua nog nie opgelig en vereer is nie.
- 40 Baie van die mense wat Sy woorde gehoor het, het gesê: “Hy is waarlik die Profeet.”
- 41 Ander het gesê: “Hy is dié Gesalfde Een” en ander het gevra: “Kan dié Gesalfde Een uit die Galila kom?”
- 42 Sê die Skrif nie dat dié Gesalfde Een uit die geslag van Dawid ^{2 Sh’m 7:12} en uit Beit-Legem, ^{Mik 5:1} die dorp van Dawid, kom nie?” ^{Yir 23:5-6}
- 43 Daar was verdeeldheid oor Hom onder die skare mense
- 44 en sommige onder hulle wou Hom vang, maar niemand het die hand aan Hom geslaan nie.
- 45 Daardie tempelwagte het by die leierpriesters en die Fariseërs gekom en die priesters vra vir hulle: “Waarom het julle Hom nie gebring nie?”
- 46 Die tempelwagte antwoord hulle: “Nog nooit het ’n mens gepraat soos hierdie man praat nie.”
- 47 Die Fariseërs vra vir hulle: “Is julle ook mislei?”
- 48 Het iemand uit die leiers of uit die Fariseërs in Hom vertrou?
- 49 Hierdie mense daarenteen, wat die wet nie ken nie, is vervloek!”
- 50 Nakdimon, hy wat in die nag na Hom toe gegaan het, wat een van hulle was, sê vir hulle:

51 “Oordeel ons wet die mens sonder om eers by hom te hoor en te weet wat hy doen?”

52 Hulle antwoord en sê vir hom: “Is jy ook uit die Galila? Ondersoek en sien dat die Profeet nie uit die Galila sal opstaan nie.”

53 *[Vers 53 verskyn nie in die Oosterse Aramese Khabouris of Westerse Aramese Peshitta manuskripte of in die 4 oudste Griekse kopië van Yoganan nie.]*

8 *[Vers 1-11 verskyn nie in die Oosterse Khabouris of Westerse Aramese Peshitta of in die 4 oudste Griekse manuskripte van Yoganan nie - sien die opmerkings] latere Griekse verse word in hakkies aagedui.*

1 (12) Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Lig ^{Dan 2:22} van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind” ^{Yes 9:2}

2 (13) Die Fariseërs het vir Hom gesê: “U getuig van Usself, U getuienis is nie waar nie.”

3 (14) Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Al getuig Ek ook van Myself, My getuienis is waar omdat Ek weet van waar Ek gekom het en waarheen Ek gaan, maar julle weet nie van waar Ek gekom het en waarheen Ek gaan nie.

4 (15) Julle oordeel volgens die vlees. Ek oordeel niemand nie

5 (16) en al oordeel Ek, My oordeel is waar omdat Ek nie alleen is nie, maar Ek is saam met die Vader wat My gestuur het

6 (17) en dit is ook in julle wet geskrywe, ^{Deut 19:15} dat die getuienis van twee mense waar is.

7 (18) Ek is onveranderlik dieselfde. Ek, wat van Myself getuig en My Vader, wat My gestuur het, het van My getuig.”

8 (19) Hulle vra vir Hom: “Waar is U Vader?” Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Julle ken My nie en ook nie My Vader nie. As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het.”

9 (20) Hierdie dinge het Yeshua by die skatkamer gesê terwyl Hy in die tempel geleer het en niemand het Hom gevang nie omdat Sy tyd nog nie gekom het nie.

10 (21) Yeshua het weer met hulle gepraat: “Ek beweeg aan en julle sal My soek en in julle sonde sterwe. Daar waarheen Ek gaan, kan julle nie kom nie.”

11 (22) Die Jode het gevra: “Sal Hy Homself nou doodmaak?” want Hy het gesê: “Waarheen Ek gaan, kan julle nie kom nie.”

12 (23) Hy sê vir hulle: “Julle is van benede, Ek is van bo. Julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie.

13 (24) Ek het vir julle gesê dat julle in julle sondes sal sterf, want as julle nie vertrou dat Ek onveranderlik dieselfde is nie, sal julle in jul sondes sterf.”

14 (25) Die Jode vra: “Wie is U?” Yeshua antwoord hulle: “Wie Ek vir julle van die begin af gesê het.

15 (26) Ek het baie dinge om van julle te sê en te oordeel, maar Hy wat My gestuur het, is Waar en dit wat Ek van Hom gehoor het, dít sê Ek in die wêreld.” ^{Deut 18:18}

16 (27) Hulle het nie verstaan dat Hy met hulle van die Vader gepraat het nie.

- 17 (28) Yeshua het weer met hulle gepraat: “Wanneer julle die Seun van die mens opgelig het, dan sal julle weet: Ek is onveranderlik dieselfde en dat Ek niks doen vir My eie plesier nie, maar net dit wat My Vader My geleer het, dit sê Ek.
- 18 (29) Hy wat My gestuur het, is saam met My. Die Vader het My nie alleen gelos nie omdat Ek altyd doen wat Hom tevrede stel.”
- 19 (30) Terwyl Hy hierdie dinge sê, het baie in Hom vertrou.
- 20 (31) Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My
- 21 (32) en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.”
- 22 (33) Hulle antwoord Hom: “Ons is die nageslag van Avraham en van die ou tyd af het ons niemand as slawe gedien nie; hoe kan U sê: ‘Julle sal vry wees’?” ^{Neg 9:36,37}
- 23 (34) Yeshua antwoord hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: elkeen wat sonde doen, is ’n slaaf van die sonde
- 24 (35) en die slaaf bly nie vir altyd in die huis nie, maar die seun bly vir altyd.
- 25 (36) As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.
- 26 (37) Ek weet dat julle die nageslag van Avraham is, maar julle beplan om My dood te maak omdat julle My boodskap nie begryp nie.
- 27 (38) Ek praat van wat Ek by Mý Vader gesien het; julle doen wat julle by julle vader gesien het.”
- 28 (39) Hulle antwoord en sê vir Hom: “Ons vader is Avraham.” Yeshua sê vir hulle: “As julle die kinders van Avraham was, sou julle doen wat Avraham gedoen het,
- 29 (40) maar nou, let op, julle beplan om My dood te maak. Dit het Avraham nie gedoen nie, maar julle doen die dade van julle vader.
- 30 (41) Dit is Ek wat aan julle die waarheid vertel, wat Ek van God gehoor het.” Hierop sê hulle vir Hom: “Ons is nie uit seksuele immoraliteit gebore nie; ons het een Vader, naamlik God.”
- 31 (42) Yeshua sê vir hulle: “As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur.
- 32 (43) Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie.
- 33 (44) Julle is van julle vader, die teëstander en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is ’n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan,
- 34 (45) maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. ^{Yir 31:11-25}
- 35 (46) Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie?
- 36 (47) Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie.”
- 37 (48) Die Jode antwoord en sê vir Hom: “Is ons nie reg as ons sê dat U van Shomron is en dat U ’n demoon het nie?”
- 38 (49) Yeshua antwoord: “Ek het nie ’n demoon nie, maar Ek eer My Vader en julle onteer My.

- 39 (50) Ek soek nie eer, lof en grootheid vir My nie, daar is Een wat soek en oordeel.
- 40 (51) Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê, wie ook al My boodskap uitvoer, sal die dood tot in ewigheid nooit sien nie.” ^{Rom 6:23}
- 41 (52) Die Jode sê vir Hom: “Nou weet ons dat U 'n demoon het. Avraham en die profete is dood en U sê: ‘Wie ook al My boodskap uitvoer, sal die dood tot in ewigheid nooit sien nie.’
- 42 (53) Is U groter as ons vader Avraham en as die profete wat dood is? Wat dink U van Usself?”
- 43 (54) Yeshua sê vir hulle: “As Ek eer en lof aan Myself bring, is My eer en lof niks nie; dit is My Vader wat My vereer en loof, van Wie julle sê dat Hy julle God is
- 44 (55) en julle ken Hom nie, maar Ek ken Hom en as Ek sê dat Ek Hom nie ken nie, sal Ek, soos julle, 'n leuenaar wees, ^{1 Yog 2:22,23} maar Ek ken Hom en voer Sy boodskap uit.
- 45 (56) Avraham, julle vader, het begeer om My dag te sien en hy het dit gesien en hom verheug.” ^{Heb 11:10,13}
- 46 (57) Die Jode sê vir Hom: “U is nog nie vyftig jaar oud nie en het U Avraham gesien?”
- 47 (58) Yeshua sê vir hulle: “Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: voordat Avraham bestaan het, was Ek.”
- 48 (59) Hulle het klippe opgetel om Hom te stenig, maar Yeshua het Homself weggesteek en tussen hulle deurgeloop by die tempel uit.
- 9** 1 Terwyl Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat van sy geboorte af blind is.
- 2 Sy studentevolgelinge vra vir Hom en sê: “Leermeester, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?”
- 3 Yeshua antwoord: “Nie hy of sy ouers het gesondig nie, maar sodat dit wat God doen, in hom openbaar kan word.
- 4 Vir My is dit gepas om die werk te doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer 'n mens nie kan werk nie.
- 5 Solank as Ek in die wêreld is, is Ek die Lig van die wêreld.”
- 6 Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond, maak klei van die spoeg en smeer die klei aan die oë van die blinde man
- 7 en Hy sê vir hom: “Gaan was jou in die doopbad van Shiloag.” Hy het gegaan, hom gewas en siende teruggekom.
- 8 Toe het die bure en die wat vroeër gesien het dat hy blind was, gesê: “Is hy nie die een wat gesit en bedel het nie?”
- 9 Sommige sê: “Dit is hy;” ander weer: “Hy lyk na hom;” hyself het gesê: “Dit is ek.”
- 10 Hulle vra vir hom: “Hoe is jou oë oopgemaak?”
- 11 Hy antwoord en sê vir hulle: “'n Man met die naam Yeshua, het klei gemaak, op my oë gesmeer en vir my gesê: ‘Gaan was jou in die waters van Shiloag.’ Ek het gegaan, my gewas en ek sien.”
- 12 Hulle vra vir hom: “Waar is Hy?” Hy sê: “Ek weet nie.”
- 13 Hulle neem hom, die man wat vroeër blind was, na die Fariseërs.

- 14 Dit was Shabbat toe Yeshua die klei gemaak en sy oë oopgemaak het.
- 15 Die Fariseërs vra hom weer: “Hoe het sig na jou toe gekom?” Hy antwoord hulle: “Hy het klei op my oë gesit, ek het my gewas en ek sien.”
- 16 Sommige van die Fariseërs sê: “Hierdie man kom nie van God nie omdat Hy die Shabbat nie hou nie;” ander sê: “Hoe kan ’n sondige mens sulke wondertekens doen?” Daar was verdeeldheid onder hulle.
- 17 Hulle het weer met die blinde man gepraat: “Wat sê jy van Hom, wat jou oë oopgemaak het?” Hy antwoord: “Ek sê Hy is ’n profeet.”
- 18 Die Jode het nie geglo dat hy blind was en siende geword het nie totdat hulle die ouers, van hom wat kon sien, geroep het.
- 19 Hulle vra vir hulle: “As dit julle seun is, van wie julle gesê het dat hy blind gebore is, hoe sien hy dan nou?”
- 20 Sy ouers antwoord en sê: “Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is, 21 maar hoe hy nou sien, weet ons nie; of wie sy oë oopgemaak het, weet ons nie. Hy is self volwasse, vra hom; hy sal vir homself praat.”
- 22 Sy ouers het dit gesê omdat hulle bang was vir die Jode, want die Jode het reeds ooreengekom dat as iemand Hom as dié Gesalfde Een bely, hy uit die bymekaarkomplek geban sou word;
- 23 daarom het sy ouers gesê: “Hy is volwasse, vra hom.”
- 24 Hulle roep toe die man wat blind was vir die tweede keer en sê vir hom: “Gee aan God die eer, lof en aanbidding, ^{Y^{ho} 7:19} want ons weet dat hierdie Man ’n sondaar is.”
- 25 Hy antwoord en sê vir hulle: “Of Hy ’n sondaar is, weet ek nie, maar een ding weet ek: ek was blind en let op, nou sien ek.”
- 26 Weer vra hulle vir hom: “Wat het Hy vir jou gedoen? Hoe het Hy jou oë oopgemaak?”
- 27 Hy antwoord hulle: “Ek het julle vertel en julle het nie geluister nie. Waarom wil julle dit weer hoor? Wil julle ook Sy studentevolgelinge word?”
- 28 Hulle het hom beledig en vir hom gesê: “Jy is Sy studentevolgelinge; ons is studentevolgelinge van Mosheh.
- 29 Ons weet dat God met Mosheh gepraat het, maar ons weet nie van waar Hy is nie.”
- 30 Die man antwoord en sê: “Hierin is dit vreemd dat julle nie weet van waar Hy is nie en Hy het my oë oopgemaak.
- 31 Ons weet dat God nie na die stem van ’n sondaar luister en doen nie, maar Hy luister en doen vir iemand wat God respekvol vrees, aanbid en Sy wil doen.
- 32 Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor dat iemand die oë van ’n blindgebore mens oopgemaak het nie.
- 33 As Hy nie van God was nie, sou Hy dit nie kon doen nie.”
- 34 Hulle antwoord en sê vir hom: “Jy is volledig in sonde gebore en leer jy ons?” Hulle het hom uitgebana.
- 35 Yeshua het gehoor dat hulle hom uitgegooi het en toe Hy hom kry, vra Hy vir hom: “Vertrou jy in die Seun van God?”

36 Hy wat genees is, antwoord en sê: “Wie is Hy, my Meester sodat ek in Hom kan vertrou?”

37 Yeshua sê vir hom: “Jy het Hom gesien en Hy wat met jou praat, dit is Hy.”

38 Hy sê: “Ek vertrou, my Meester” en hy het voor Hom neergeval in eerbetoning.

39 Yeshua sê: “Dit is om hierdie wêreld te oordeel dat Ek gekom het sodat die wat nie sien nie, mag sien en die wat sien, blind mag wees.”

40 Dié van die Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gevra: “Is ons ook blind?”

41 Yeshua antwoord hulle: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie, maar nou sê julle: ‘Ons sien’; daarom bly julle sonde.” ^{Yir 2:35}

10 1 “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie nie by die hek in die skaapkraal ingaan nie, maar van ’n ander plek af inklim, hy is ’n dief en ’n rower, 2 maar hy wat by die hek ingaan, is die herder van die skape.

3 Vir hom maak die hekwag oop en die skape luister na sy stem. Hy roep sy eie skape by hulle name en lei hulle uit.

4 Wanneer hy sy eie skape uitgelei het, loop hy voor hulle uit en die skape volg hom omdat hulle sy stem ken.

5 Hulle sal nie saam met ’n vreemdeling gaan nie, maar weghardloop omdat hulle die stem van die vreemdeling nie ken nie.”

6 Hierdie vergelykende storie het Yeshua vir hulle vertel, maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy vir hulle gesê het nie.

7 Yeshua het weer vir hulle gesê: “’n Tydlose waarheid sê Ek vir julle: Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek van die skape.

8 Almal wat gekom het, is diewe en rowers, ^{Yir 23:1-2} maar die skape het nie na hulle geluister nie.

9 Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek en as iemand deur My ingaan, sal hy lewe en hy sal ingaan en uitgaan en weiding kry. ^{Yog 11:25,26; 2 Tim 1:1,9,10}

10 Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorfloed daar ook al vir hulle is.

11 Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder. Die goeie Herder lê Sy lewe neer vir Sy skape, ^{Yeg 34:23; 37:24; Ps 23}

12 maar die huurling wat nie ’n herder is nie, wanneer hy ook al die wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg.

13 Die huurling hardloop weg omdat hy ’n huurling is en nie vir die skape omgee nie en die wolf kom bytend na die skape en jaag hulle uitmekaar. ^{Gen 3:15; Hand 20:29}

14 Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder, Ek ken My eie en My eie ken My,

15 net soos My Vader My ken en Ek My Vader ken en Ek My lewe aflê ter wille van die skape.

16 Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook bring. Hulle sal ook na My stem luister ^{Gen 12:3; 18:14; 26:4; Yes 11:10; 54:1-3; ‘Am 9:11; Open 12:5} en die ganse kudde sal een wees met een Herder;

- 17 daarom is die Vader tevrede met My omdat Ek My lewe aflê om dit weer op te neem. Hand 20:24; 2 Kor 5:15
- 18 Niemand vat dit by My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die outoriteit om dit af te lê en Ek het die outoriteit om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang.” Luk 14:26
- 19 Weer was daar verdeeldheid onder die Jode oor hierdie boodskap
- 20 en baie van hulle het gesê: “Hy het ’n demoon en is mal, wat luister julle na Hom?”
- 21 Ander het weer gesê: “Hierdie is nie woorde van iemand wat besete is nie; kan ’n demoon die oë van blindes oopmaak?”
- 22 Dit was die Ganukkahfees in Yerushalayim; dit was winter
- 23 en Yeshua het in die tempel, in die pilaargang van Shlomo, geloop.
- 24 Die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: “Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U dié Gesalfde Een is, sê dit vir ons reguit.”
- 25 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek het dit vir julle gesê en julle vertrou nie. Die daade wat Ek in die Karakter en Outoriteit van My Vader doen, dié getuig van My,
- 26 maar julle vertrou nie, want julle is nie van My skape nie, net soos Ek vir julle gesê het.
- 27 My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My.
- 28 Ek gee ook aan hulle die ewige lewe en hulle sal vir ewig nie vernietig word nie en niemand sal hulle uit My hand ruk nie.
- 29 My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal en niemand kan hulle uit die hand van My Vader ruk nie.
- 30 Ek en My Vader, Ons is een.” Yog 17:21; 1 Kor 8:6
- 31 Die Jode het weer klippe opgetel om Hom te stenig.
- 32 Yeshua antwoord hulle: “Ek het vir julle baie, uitstekende daade van die Teenwoordigheid van My Vader af gewys. Oor watter een van dié daade stenig julle My?”
- 33 Die Jode antwoord Hom en sê: “Dit is nie oor ’n goeie daad dat ons U stenig nie, maar oor kwaadpraat van God omdat U wat ’n mens is, Usself God maak.”
- 34 Yeshua antwoord hulle: “Is daar nie in julle wet geskrywe: ‘Ek het gesê, julle is gode (elohes),’ nie? Ps 82:1-8
- 35 As dit hulle gode (elohes) noem tot wie die Woord van God (eloha) gekom het en die Skrif nie gebreek kan word nie,
- 36 sê julle vir Hom wat die Vader afgesonder en in die wêreld ingestuur het: ‘U praat kwaad teen God (eloha)’ omdat Ek gesê het: ‘Ek is die Seun van God (eloha)’?”
- 37 As Ek nie die daade van My Vader doen nie, moet julle My nie vertrou nie,
- 38 maar as Ek dit doen, al vertrou julle My nie, vertrou die daade sodat julle kan weet en vertrou dat die Vader in My is en Ek in Hom.”
- 39 Hulle het weer probeer om Hom te gryp en Hy het uit hulle hand uit weggekom.
- 40 Hy het weer na die anderkant van die Yarden gegaan na die plek waar Yoganan eers gedoop het en Hy het daar gebly.
- 41 Baie het na Hom toe gekom en gesê: “Yoganan het nie een wonderteken gedoen nie, maar alles wat Yoganan van hierdie Man gesê het, is waar.”
- 42 Baie het in Hom vertrou.

- 11** 1 'n Sekere El'azar van die dorp Beit-Anyah, Miryam en Marta se broer, was siek.
- 2 Dit was dié Miryam wat Yeshua se voete gesalf het met welriekende olie en afgedroog het met haar hare, wie se broer, El'azar, siek was.
- 3 Die twee susters het na Yeshua gestuur en gesê: "Ons Meester, let op, hy vir wie U lief het, is siek."
- 4 Yeshua sê egter: "Hierdie siekte is nie tot die dood nie, maar tot die eer, lof en aanbidding van God sodat die Seun van God daardeur vereer en geloof kan word."
- 5 Yeshua het Marta, Miryam en El'azar liefgehad.
- 6 Toe Hy hoor dat hy siek is, het Hy nog twee dae in die plek waar Hy was, gebly.
- 7 Daarna sê Hy vir die studentevolgelinge: "Kom, ons moet weer na Y'hudah toe gaan."
- 8 Die studentevolgelinge vra vir Hom: "Leermeester, die Jode wil U stenig en U gaan weer terug daarheen?"
- 9 Yeshua sê vir hulle: "Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie omdat hy die lig van hierdie wêreld sien,
- 10 maar as iemand in die nag loop, struikel hy omdat die lig nie in hom is nie."
- 11 Nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hulle: "El'azar, ons vriend, slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak."
- 12 Hierop sê Sy studentevolgelinge: "Meester, as hy slaap, sal hy gesond word."
- 13 Yeshua het egter gepraat van sy dood terwyl hulle gedink het dat Hy van lê en slaap praat.
- 14 Toe sê Yeshua vir hulle reguit: "El'azar is dood.
- 15 Ek is bly, om julle ontwil, dat Ek nie daar was nie sodat julle kan vertrou, maar ons gaan daarheen."
- 16 Toe sê T'oma, wat 'Tweeling' genoem word, vir sy mede-studentevolgelinge: "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterf."
- 17 Met Yeshua se aankoms in Beit-Anyah, het Hy gevind dat hy al vier dae in die graf was.
- 18 Beit-Anyah was langs Yerushalayim, ongeveer drie kilometer weg
- 19 en baie van die Jode het na Marta en Miryam toe gekom om hulle oor hul broer te vertroos.
- 20 Toe Marta hoor dat Yeshua gekom het, het sy uitgegaan om Hom te ontmoet, maar Miryam het in die huis gesit.
- 21 Marta sê vir Yeshua: "My Meester, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie,
- 22 maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God vir U sal gee."
- 23 Yeshua sê vir haar: "Jou broer sal opstaan."
- 24 Marta sê vir Hom: "Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding op die laaste dag."
- 25 Yeshua antwoord haar: "Ek is onveranderlik dieselfde, die Opstanding en die Lewe; wie in My vertrou, sal lewe al was hy ook dood

- 26 en elkeen wat lewe en in My vertrou, ^{Yog 10:9,10; 2 Tim 1:1,9,10} sal nooit sterf tot in ewigheid nie. Glo jy dit?”
- 27 Sy antwoord Hom: “Ja, my Meester, ek vertrou dat U dié Gesalfde Een is, die Seun van God, wat in die wêreld gekom het.”
- 28 Nadat sy dit gesê het, gaan sy en roep vir Miryam, haar suster, eenkant en sê: “Ons Leermeester het gekom en Hy roep jou.”
- 29 Toe Miryam dit hoor, het sy vinnig opgestaan en na Hom toe gegaan.
- 30 Yeshua het nog nie by die dorp gekom nie, maar was op die plek waar Marta Hom ontmoet het.
- 31 Toe die Jode, wat by haar in die huis was en haar vertroos het, sien dat Miryam vinnig opstaan en uitgaan, het hulle saam met haar gegaan en gedink dat sy na die graf toe gaan om daar te huil.
- 32 Toe Miryam by Yeshua kom en Hom sien, val sy voor Sy voete neer en sê vir Hom: “O, as my Meester hier was, sou my broer nie gesterf het nie.”
- 33 Toe Yeshua haar en die Jode wat saam met haar gekom het, sien huil, is Hy kragtig aangeraak in Sy Gees en was Hy van binne omgekrap.
- 34 Hy het gevra: “Waar het julle hom neergelê?” Hulle sê vir Hom: “Ons Meester, kom kyk.”
- 35 Yeshua het gehuil.
- 36 Die Jode het gesê: “Kyk hoe lief het Hy hom gehad!”
- 37 Sommige van hulle sê: “Kon Hy wat die oë van die blinde man oopgemaak het, nie verhoed het dat hierdie man sterf nie?”
- 38 Yeshua is kragtig geraak in Homself en het by die graf gekom. Die graf was ’n grot, met ’n klip voor die ingang geplaas.
- 39 Yeshua sê: “Neem die klip weg.” Marta, die suster van die man wat dood is, sê vir Hom: “Meester, hy ruik al, want dit is reeds vier dae.”
- 40 Yeshua sê vir haar: “Het Ek nie vir jou gesê dat as jy aanhou vertrou, jy die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God sal sien nie?”
- 41 Hulle vat die klip weg en Yeshua lig Sy oë op na bo en sê: “Vader, Ek dank U dat U My gehoor het
- 42 en Ek weet dat U My altyd hoor, maar ter wille van die skare mense wat hier staan, sê Ek dit sodat hulle kan vertrou dat U My gestuur het.”
- 43 Nadat Hy dit gesê het, het Hy met ’n harde stem uitgeroep: “El’azar, kom uit!”
- 44 Hy wat gesterf het, het uitgekóm met grafdoeke aan sy hande en voete gebind en sy gesig was toegedraai met ’n doek. Yeshua sê vir hulle: “Maak hom los en laat hom gaan.”
- 45 Baie van die Jode wat na Miryam toe gekom het, het in Hom vertrou toe hulle sien wat Yeshua gedoen het,
- 46 maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan en vir hulle vertel wat Yeshua gedoen het.
- 47 Die leierpriesters en die Fariseërs het bymekaargekom en gesê: “Wat sal ons doen, hierdie man doen baie wondertekens?”
- 48 As ons Hom so sal toelaat, sal almal in Hom vertrou en die Romeine sal kom en ons posisie en ons nasie wegvat.”

- 49 Een van hulle, wie se naam Kayafa was, wat daardie jaar hoofpriester was, sê vir hulle: "Julle verstaan niks nie
- 50 en bereken nie dat dit vir ons voordelig is dat een Man in die plek van die nasie doodgemaak word en die hele nasie nie vernietig word nie."
- 51 Dit het hy nie uit homself gesê nie, maar omdat hy daardie jaar die hoofpriester was, het hy profeteer dat Yeshua voorberei word om in die plek van die nasie doodgemaak te word
- 52 en nie alleen vir die nasie nie, maar ook om die verstrooide seuns van God bymekaar te bring as een.
- 53 Van dié dag af aan het hulle beplan om Hom dood te maak.
- 54 Yeshua het nie meer openlik onder die Jode beweeg nie, maar daarvandaan weggegaan na die streek naby die wildernis, na 'n stad wat Efrayim genoem word en Hy het daar gebly saam met Sy studentevolgelinge.
- 55 Die Pesagfees van die Jode was naby en baie het uit die dorpie na Yerushalayim opgegaan voor die Pesag, om hulle lewe te reinig.
- 56 Hulle het Yeshua gesoek en terwyl hulle in die tempel staan, sê hulle vir mekaar: "Wat dink julle, sal Hy na die fees toe kom?"
- 57 Die leierpriesters en die Fariseërs het ook 'n bevel gegee dat, indien iemand weet waar Hy is, hy dit moes bekend maak sodat hulle Hom kon vang.

- 12** 1 Ses dae voor die Pesag het Yeshua na Beit-Anyah gegaan waar El'azar, wat dood was en wat Yeshua uit die dood uit laat opstaan het, was.
- 2 Hulle het daar vir Hom 'n ete gegee en Marta het bedien terwyl El'azar een van dié was wat saam met Hom aan tafel was.
- 3 Miryam vat 'n albaste fles welriekende olie, die beste, baie kosbare, egte nardusolie, self die voete van Yeshua en droog Sy voete met haar hare af. Die hele huis is gevul met die reuk van die geurige olie.
- 4 Y'hudah van K'riot, wat op die punt was om Hom oor te gee, een van Sy studentevolgelinge, vra:
- 5 "Waarom is hierdie welriekende olie nie vir drie honderd denarii verkoop en die geld aan die armes gegee nie?"
- 6 Dit het hy gesê, nie omdat hy vir die armes omgee het nie, maar omdat hy 'n dief was en die beursie gehou het en dit wat ingegooi is, gedra het.
- 7 Yeshua sê: "Los haar, sy het dit bewaar vir die dag van My begrafnis,
- 8 want die armes het julle altyd tussen julle, maar vir My het julle nie altyd nie."
- 9 Baie mense uit Y'hudah het gehoor dat Hy daar is en het gekom, nie alleen om vir Yeshua te sien nie, maar ook vir El'azar, wat Hy uit die dood uit opgewek het.
- 10 Die leierpriesters het besluit om El'azar ook dood te maak
- 11 omdat baie van die Jode as gevolg van hom meer en meer in Yeshua vertrou het.
- 12 Die volgende dag het baie feesgangers, toe hulle hoor dat Yeshua na Yerushalayim kom,
- 13 palmtakke gevat en uitgegaan om Hom te ontmoet en uitgeroep: ^{Ps 118:25} "Red ons nou! Geseënd is Hy wat kom in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, die Koning van Yisra'el." ^{Ps 118:26}

- 14 Yeshua het 'n donkie gekry en daarop gaan sit, soos geskrywe is:
- 15 “Moenie bang wees nie, dogter van Tziyon! Let op, jou Koning kom na jou toe en Hy ry op die vul van 'n donkie.” ^{Z'kh 9:9}
- 16 Sy studentevolgelinge het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar nadat Yeshua vereer is, het hulle onthou dat hierdie dinge van Hom geskrywe is en dat hulle dit aan Hom sou doen.
- 17 Toe het die mense, wat by Hom was toe Hy El'azar uit die graf geroep en hom uit die dood uit opgewek het, daarvan getuig.
- 18 Die rede hoekom die groot skare mense voor Hom uitgegaan het, is omdat hulle gehoor het dat Hy hierdie wonderteken gedoen het.
- 19 Die Fariseërs het vir mekaar gesê: “Sien julle dat julle geen vordering maak nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan.”
- 20 Daar was ook nie-Jode onder die wat opgekom het om op die fees te aanbid.
- 21 Hulle het na Filippos gegaan wat van Beit-Tzaidah, in die Galila, was en hom gevra en gesê: “Meneer, ons wil graag vir Yeshua sien.”
- 22 Filippos kom en sê dit vir Andreas en Andreas en Filippos vertel dit weer vir Yeshua.
- 23 Yeshua antwoord hulle en sê: “Die tyd het gekom dat die Seun van die mens vereer en geloof moet word.
- 24 Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as die graankorrel nie in die grond val en doodgaan nie, bly dit alleen, maar as dit doodgaan, dra dit baie vrug. ^{1 Kor 15:36-44}
- 25 Wie sy lewe lief het, sal dit vernietig, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.
- 26 As iemand My dien, laat hom My volg en waar Ek is, daar sal hy wat My dien, ook wees en as iemand My dien, sal die Vader hom eer.
- 27 Let op, My Gees is nou ontsteld en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie tyd? Dit is egter juis as gevolg hiervan dat Ek in hierdie tyd gekom het.
- 28 Vader, bring eer en lof aan U Naam (Karakter en Outoriteit!)” Daar is toe 'n Stem uit die hemel gehoor: “Ek hét dit vereer en geloof en Ek vereer en loof dit.” ^{Yog 13:31-}
- 29 Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: “'n Boodskapper het met Hom gepraat.”
- 30 Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Hierdie Stem het nie gekom vir My nie, maar om julle ontwil.
- 31 Nôu is dit die oordeel oor hierdie wêreld, nou sal die heerser van hierdie wêreld uitgegooi word.
- 32 Wanneer Ek van die grond af opgelig word, sal Ek almal na My toe trek.”
- 33 Dit het Hy gesê om aan te dui watter dood Hy sal sterf.
- 34 Die skare mense antwoord Hom: “Ons het uit die wet gehoor dat dié Gesalfde Een tot in ewigheid bly en hoe sê U dat die Seun van die mens opgelig moet word? Wie is hierdie Seun van die mens?”
- 35 Yeshua sê vir hulle: “Die Lig sal nog net vir 'n klein rukkie by julle wees. Loop terwyl julle nog die Lig het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis loop, weet nie waarheen hy gaan nie.

- 36 So lank as julle die Lig by julle het, vertrou in die Lig sodat julle seuns van die Lig kan wees.” ^{1 Yog 2:8-11} Hierdie dinge het Yeshua gesê, weggegaan en Homself vir hulle weggesteek.
- 37 Terwyl Hy al hierdie wondertekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom vertrou nie
- 38 sodat die boodskap van die profeet Yesha’yahu vervul sou word wat gesê het: “My Meester, wie het ons verkondiging vertrou en aan wie is die arm van יהוה geopenbaar?” ^{Yes 53:1; Rom 10:16}
- 39 Hulle kon daarom ook nie vertrou nie, want Yesha’yahu het óók gesê:
- 40 “Hy het hulle oë blind gemaak en hulle verstand, wil en emosie verhard sodat hulle nie met die oë sou sien en met die verstand verstaan en hulle omdraai en Ek hulle gesond maak nie.” ^{Deut 29:3,4; Yes 6:9,10; 29:10; Mat 13:14,15; Rom 11:8}
- 41 Dit het Yesha’yahu gesê toe hy Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien en van Hom gepraat het. ^{Yes 6:1-3}
- 42 Baie van die leiers het ook in Hom vertrou, maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bekend gemaak nie sodat hulle nie uit die bymekaarkomplekke geban sou word nie,
- 43 want hulle het die lofprijsing van mense meer liefgehad as die lofprijsing ^{Yir 1:17} van God.
- 44 Yeshua het uitgeroep en gesê: “Wie in My vertrou, vertrou nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het
- 45 en wie My sien, sien Hom wat My gestuur het.
- 46 Ek, die Lig, het in die wêreld gekom sodat elkeen wat in My vertrou, nie in die duisternis sou bly nie.” ^{1 Yog 2:8-11}
- 47 Wie ook al My boodskap hoor en dit nie doen nie, Ek veroordeel hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat Ek lewe aan die wêreld kan gee.
- 48 Wie My ook al verwerp en My boodskap nie ontvang nie, het een wat hom veroordeel: die boodskap wat Ek gebring het, dit sal hom veroordeel in die laaste dag, ^{Tit 1:16; Open 19:21}
- 49 want Ek het nie uit Myself gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, Hy het vir My opdragte gegee oor wat Ek moet sê en hoe Ek dit moet sê.
- 50 Ek weet dat Sy opdragte tot die ewige lewe lei; daarom sê Ek net dít soos wat die Vader vir My gesê het om te sê.” ^{Deut 18:18,19}

- 13** ¹ Voor die Pesagfees het Yeshua geweet dat die tyd aangebreek het dat Hy uit hierdie wêreld na die Vader toe sou weggaan. Hy het Sy eie wat in die wêreld is liefgehad, hulle liefgehad tot die einde toe.
- 2 By die maaltyd is hy, die teëstander, in die gedagtes van Y’hudah, die seun van Shim’on, van K’riot gelê sodat hy Hom sou uitlewer.
- 3 Yeshua, wetende dat die Vader alles in Sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God toe teruggaan,
- 4 het van die ete af opgestaan, Sy bo-klere uitgetrek en ’n handdoek om Hom vasgemaak.

- 5 Hy vat water in 'n wasskottel en begin om die voete van die studentevolgelinge te was en af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het.
- 6 Toe Hy by Shim'on Kefa kom, vra Shim'on vir Hom: "Gaan my Meester my voete vir my was?"
- 7 Yeshua antwoord en sê vir hom: "Wat Ek doen, verstaan jy nie nou nie, maar jy sal dit later verstaan."
- 8 Shim'on Kefa sê vir Hom: "U sal my voete in der ewigheid nie was nie!" Yeshua antwoord hom: "As Ek jou nie was nie, is daar geen deel vir jou by My nie."
- 9 Shim'on Kefa sê vir Hom: "My Meester, daarom nie net my voete nie, maar ook my hande en my kop."
- 10 Yeshua sê vir hom: "Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om sy voete te was nie, want hy is reeds volkome skoon en julle is heeltemal skoon, maar nie almal nie," ^{Eks 30:20,21}
- 11 want Yeshua het geweet wie Hom sou oorgee; daarom het Hy gesê: 'Julle is nie almal skoon nie.'
- 12 Nadat Hy hulle voete gewas en Sy bo-klere aangetrek het, het Hy weer aan tafel gaan skuinslê en vir hulle gesê: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
- 13 Julle noem My 'Leermeester' en 'My Meester,' en dit is reg so, want Ek is dit.
- 14 As Ek dan, julle Leermeester en julle Meester, julle voete gewas het, hoeveel te meer moet julle nie mekaar se voete was nie,
- 15 want hierdie voorbeeld het Ek vir julle gegee sodat net soos Ek aan julle gedoen het, net so moet julle ook doen.
- 16 Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: daar is nie 'n slaaf groter as sy meester nie en ook nie 'n afgevaardigde groter as die een wat hom gestuur het nie.
- 17 As julle hierdie dinge verstaan, is julle geseënd as julle dit doen.
- 18 Ek praat nie van julle almal nie, want Ek weet wie Ek gekies het, maar dat die Skrif vervul kan word: 'Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig,' ^{Ps 41:10}
- 19 Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur sodat wanneer dit gebeur, julle kan vertrou: Ek is onveranderlik dieselfde. ^{Eks 3:14}
- 20 Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."
- 21 Nadat Yeshua dit gesê het, het Hy in Sy Gees kragtig ontsteld geword en getuig en gesê: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: een van julle sal My uitlewer."
- 22 Hierop het die studentevolgelinge na mekaar gekyk omdat hulle nie geweet het van wie Hy dit gesê het nie.
- 23 Een van Sy studentevolgelinge, hy vir wie Yeshua liefgehad het, het aan die tafel teen die bors van Yeshua aangelê.
- 24 Shim'on Kefa beduie vir hom dat hy moet uitvind wie dit is van wie Hy praat
- 25 en hy het teen die bors van Yeshua geval en vir Hom gesê: "My Meester, wie is dit?"

- 26 Yeshua antwoord en sê: “Dit is die een aan wie Ek die stukkies brood sal gee as Ek dit ingedoop het.” Hy doop die stukkies brood in en gee dit aan Y’hudah, die seun van Shim’on, van K’riot.
- 27 Na die brood het die teëstander in hom ingegaan en Yeshua sê vir hom: “Wat jy doen, doen dit gou.”
- 28 Niemand, van die wat aan tafel was, het verstaan waarom Hy dit vir hom gesê het nie,
- 29 want die manne het gedink omdat Y’hudah die beurs gehou het dat Yeshua vir hom sê: ‘Koop wat ons nodig het vir die fees;’ of dat hy iets aan die armes moes gee.
- 30 Y’hudah het net nadat hy die stukkies brood geneem het, dadelik uitgegaan en dit was nag toe hy uitgegaan het.
- 31 Toe hy uit was, sê Yeshua: “Nou is die Seun van die mens vereër en geloof en God is in Hom vereër en geloof.” ^{Yog 12:28}
- 32 As God in Hom vereër en geprys is, sal God Hom ook in Homself vereër en prys en Hom onmiddellik vereër en prys.
- 33 My seuns, nog ’n klein tydjie is Ek by julle. Julle sal My soek en soos Ek vir die Jode gesê het: ‘Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie;’ so sê Ek nou ook vir julle.
- 34 ’n Nuwe opdrag gee Ek vir julle: dat julle mekaar moet liefhê; ^{Lev 19:18} net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê.
- 35 Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolgelinge is, as julle liefde vir mekaar het.”
- 36 Shim’on Kefa vra vir Hom: “Ons Meester, waar gaan U heen?” Yeshua antwoord en sê vir hom: “Waar Ek heengaan, kan jy nie nou saam met My gaan nie, maar later sal jy saam met My gaan.”
- 37 Shim’on Kefa sê vir Hom: “My Meester, waarom kan ek nie nou saam met U gaan nie? Ek sal my lewe vir U neerlê.”
- 38 Yeshua antwoord hom: “Sal jy jou lewe vir My neerlê? Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: ’n haan sal nie kraai voordat jy drie maal ontken het dat jy My ken nie.”

14 ¹ “Laat julle verstand, wil en emosie nie ontsteld wees nie; vertrou in God en vertrou in My.

- 2 In die huis van My Vader is daar baie blyplekke en as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei
- 3 en as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle saam met My vat sodat julle ook kan wees waar Ek is.
- 4 Waarheen Ek gaan, weet julle en die pad ken julle.”
- 5 T’oma sê vir Hom: “Ons Meester, ons weet nie waarheen U gaan nie en hoe kan ons die pad ken?” ^{Gen 1:26,28; Eks 18:20; Deut 5:31-33}
- 6 Yeshua antwoord hom: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie.” ^{1 Yog 5:11,12}
- 7 As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het. Van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.”

- 8 Filippus sê vir Hom: “Ons Meester, wys ons die Vader en dit sal vir ons genoeg wees.”
- 9 Yeshua sê vir hom: “Ek is hierdie hele tyd by julle en het jy My nie geken nie, Filippus? Wie My ook al gesien het, het die Vader gesien en hoe sê jy: ‘Wys ons die Vader?’” ^{Num 12:8; Heb 1:3}
- 10 Vertrou jy nie dat Ek in My Vader is en My Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, sê Ek nie uit Myself nie, maar die Vader wat in My bly, Hy doen die dae. ^{Efe 2:10; 4:12}
- 11 Vertrou My dat Ek in die Vader is en die Vader in My of anders, vertrou My ter wille van die dae self.
- 12 Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dae wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dae doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan.
- 13 Enige iets wat julle ook al in My Karakter en Outoriteit mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word.
- 14 As julle iets in My Karakter en Outoriteit vra, sal Ek dit doen.
- 15 As julle My lief het, ^{Deut 7:9; Ps 91:14; Yog 15:14; Ya’a 2:8; Rom 13:9,10; Ope 14:12; 22:14} voer voortdurend My opdragte uit.
- 16 Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle ’n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid. ^{Luk 24:47}
- 17 Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. ^{Gen 41:38; Num 11:17-29; Rig 6:34}
- 18 Ek sal julle nie as weeskinders los nie, want Ek sal na julle toe kom na ’n kort rukkie.
- 19 Die wêreld sal My nie sien nie, maar julle sal My sien. Aangesien Ek lewe, sal julle ook lewe.
- 20 In dié dag sal julle weet dat Ek in My Vader is ^{Fil 2:6; Kol 2:9,10} en julle in My en Ek in julle.
- 21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”
- 22 Y’hudah, nie die een van K’riot nie, vra vir Hom: “My Meester, hoe is dit dat U Usself aan ons sal openbaar en nie aan die wêreld nie?”
- 23 Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. ^{1 Yog 2:4-6}
- 24 Hy wat My nie lief het nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. ^{Deut 18:18}
- 25 Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is,
- 26 maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. ^{1 Yog 2:27; Efe 2:1; 3:17-19}

- 27 Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid los Ek vir julle. My vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee Ek aan julle. Ek gee nie aan julle soos die wêreld gee nie. Laat julle verstand, wil en emosie nie ontsteld word en bang wees nie. ^{2 Thes 3:16}
- 28 Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: 'Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe.' As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: 'Ek gaan na My Vader toe' omdat My Vader groter is as Ek.
- 29 Nou, let op, Ek het dit vir julle gesê voordat dit gebeur sodat julle kan vertrou wanneer dit gebeur het.
- 30 Ek sal nie meer baie met julle praat nie, want die prins van hierdie wêreld kom en hy het niks wat hy teen My kan bewys nie,
- 31 maar die wêreld moet leer dat Ek My Vader lief het en presies doen soos die Vader My beveel het; staan op sodat ons hiervandaan kan weggaan."
- 15** ¹ "Ek is onveranderlik dieselfde, die ware Wingerdstok en My Vader is die Wingerdboer. ^{Yes 27:3; Ps 80:9-19}
- 2 Elke loot wat in My nie vrugte dra nie, sny Hy weg en elke loot wat vrugte dra, dié snoei Hy sodat dit meer vrugte kan dra. ^{1 Kor 3:12-15}
- 3 Julle is nou reeds rein deur die boodskap wat Ek vir julle gebring het.
- 4 Bly voortdurend in My, soos Ek in julle. Net soos die tak geen vrugte kan dra uit homself, as dit nie in die wingerdstok bly nie, net so julle ook, as julle nie voortdurend in My bly nie.
- 5 Ek is onveranderlik dieselfde, die Wingerdstok, julle is die takke. Wie voortdurend in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.
- 6 As 'n sekere persoon nie voortdurend in My bly nie, word hy buite weggegooi soos 'n tak en verdroog en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur om te verbrand.
- 7 As julle voortdurend in My bly en wat Ek gesê het in julle, sal julle vra net wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word. ^{1 Yog 5:15}
- 8 Hierin is My Vader vereer en geloof deurdat julle baie vrugte dra en so sal julle My studentevolgelinge wees.
- 9 Net soos die Vader My voortdurend lief het, het Ek julle ook net so voortdurend lief. Hou aan in My vriendskap.
- 10 As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die opdragte van My Vader uitvoer en in Sy liefde bly.
- 11 Dit het Ek vir julle gesê sodat My vreugde voortdurend in julle kan bly en julle vreugde volledig kan wees.
- 12 Dit is My opdrag: dat julle mekaar voortdurend moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.
- 13 Daar is nie groter liefde as dit nie: dat iemand sy lewe sal neerlê ter wille van sy vriende.
- 14 Julle is My vriende as julle alles sal doen wat Ek julle beveel. ^{Deut 30:16; 1 Yog 5:1-3; Rom 8:8}

- 15 Hierna noem Ek julle nie meer slawe nie omdat die slaaf nie weet wat sy meester doen nie, maar Ek het julle vriende genoem omdat Ek alles wat Ek van My Vader hoor, aan julle bekend maak.
- 16 Julle het My nie gekies nie, maar Ek kies julle en stel julle aan om vrugte te gaan dra wat blywend is sodat wat julle die Vader ook al in My Karakter en Outoriteit vra, Hy julle sal gee.
- 17 Hierdie dinge beveel Ek julle sodat julle mekaar moet liefhê
- 18 en as die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het.
- 19 As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eie liefgehad het, maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het; daarom haat die wêreld julle.
- 20 Onthou die boodskap wat Ek vir julle gebring het: 'Daar is nie 'n slaaf wat groter is as sy meester nie.' ^{Mat 10:24,25; Yog 13:16} As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My boodskap gehoorsaam het, sal hulle julle s'n ook gehoorsaam.
- 21 Al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van My Karakter en Outoriteit omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.
- 22 As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle geen sonde hê nie, maar nou is daar geen verwydering van hulle sonde voor die gesig nie. (Hulle sonde is geopenbaar.)
- 23 Wie My ook al haat, haat ook My Vader.
- 24 As Ek nie die dade voor hulle oë gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle geen sonde hê nie
- 25 sodat die boodskap wat in hulle wet geskryf is, vervul moes word: "Hulle het My sonder oorsaak gehaat, maar nou het hulle gesien en ook My en selfs My Vader gehaat," ^{Ps 35:19; 69:5}
- 26 Wanneer die Bevryder en Lewegewer, wat Ek vir julle van My Vader se Teenwoordigheid af sal stuur, die Gees van die Waarheid, Hy wat van die Teenwoordigheid van My Vader af uitgaan, gekom het, sal Hy van My getuig,
- 27 maar julle getuig ook, julle wat van die begin af saam met My is."

- 16** 1 "Hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat julle dit nie vir julle mag aantrek nie, 2 want hulle sal julle uit die plekke van bymekaarkoms uitgooi. Daar kom 'n tyd dat elkeen wat julle doodmaak, sal dink dat hy 'n offer aan God bring.
- 3 Hulle sal hierdie dinge doen omdat hulle nie die Vader of vir My ken nie, 4 maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat wanneer die tyd kom, julle kan onthou dat Ek dit vir julle gesê het, maar Ek het dit nie van die begin af vir julle gesê nie omdat Ek saam met julle was,
- 5 maar nou gaan Ek om by Hom te wees wat My gestuur het en nie een van julle vra My: 'Waar gaan U heen,' nie?
- 6 Omdat Ek hierdie dinge vir julle gesê het, het julle gedagtes, wil en emosie vol hartseer geraak,
- 7 maar Ek sê vir julle die waarheid: dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Bevryder en Lewegewer nie na julle toe kom nie, maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.

- 8 Wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig aangaande sonde, aangaande onpartydige opregtheid en aangaande oordeel:
- 9 aangaande sonde omdat hulle nie in My vertrou nie;
- 10 aangaande onpartydige opregtheid omdat Ek na My Vader toe gaan en julle My nie meer sal sien nie;
- 11 aangaande oordeel omdat die prins van hierdie wêreld veroordeel is.
- 12 Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie,
- 13 maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. Iyov 32:8; 1 Tim 1:16
- 14 Hy sal My vereer en loof omdat Hy, uit wat aan My behoort sal vat en aan julle sal wys.
- 15 Alles wat My Vader het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal vat uit wat aan My behoort en aan julle wys.
- 16 'n Kort rukkie en julle sal My nie sien nie en weer 'n kort rukkie en julle sal My sien omdat Ek na die Vader toe gaan.”
- 17 Sy studentevolginge het onder mekaar gevra: “Wat is dit wat Hy vir ons sê: ‘n Kort rukkie en julle sal My nie sien nie en weer 'n kort rukkie en julle sal My sien omdat Ek na My Vader toe gaan?’”
- 18 Hulle het ook gevra: “Wat is dit wat Hy sê: 'n Kort rukkie? Ons verstaan nie wat Hy sê nie.”
- 19 Yeshua het geweet dat hulle Hom wou vra en Hy sê vir hulle: “Vra julle vir mekaar daaroor dat Ek gesê het: ‘n Kort rukkie en julle sal My nie sien nie en weer 'n kort rukkie en julle sal My sien?”
- 20 Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees; julle sal bedroef wees, maar julle droefheid sal in blydschap verander.
- 21 'n Vrou het benoudheid in haar wanneer sy geboorte gee omdat haar tyd gekom het, maar wanneer die seun gebore is, onthou sy nie meer haar benoudheid nie, as gevolg van die blydschap dat 'n seun in die wêreld gebore is.
- 22 Julle het ook nou droefheid, maar Ek sal julle weer sien en julle verstand, wil en emosie sal bly word en niemand sal julle blydschap van julle af wegvat nie.
- 23 In daardie dag sal julle My niks vra nie. Dit is 'n ewige waarheid wat Ek vir julle sê: alles wat julle My Vader sal vra in My Karakter en Outoriteit, sal Hy vir julle gee.
- 24 Tot nou toe het julle niks in My Karakter en Outoriteit gevra nie. Vra en julle sal ontvang sodat julle blydschap volkome kan wees.
- 25 Hierdie dinge het Ek deur vergelykende stories vir julle gesê, maar daar kom 'n tyd wanneer Ek nie meer deur vergelykende stories met julle sal praat nie, maar julle openlik van die Vader sal vertel.
- 26 In daardie dag sal julle in My Karakter en Outoriteit vra en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader namens julle sal vra nie,
- 27 want die Vader self het julle lief omdat julle My liefgehad het en vertrou het dat Ek vanuit eenheid met die Vader uitgegaan het.

- 28 Ek het vanuit eenheid met die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom en Ek verlaat weer die wêreld en gaan om by die Vader te wees.”
- 29 Sy studentevolginge sê vir Hom: “Let op, nou praat U reguit en gebruik geen vergelykende stories nie.
- 30 Nou weet ons dat U alles weet en U nie nodig het dat iemand hulle vrae in woorde omsit nie. Dit is daarom dat ons vertrou dat U vanaf God uitgegaan het.”
- 31 Yeshua antwoord hulle: “Vertrou julle?
- 32 Let op, die tyd kom en het nou reeds gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy plek toe en My alleen sal los. Ek sal nie alleen wees nie omdat die Vader by My is. ^{Deut 4:31; 31:6; Heb 13:5}
- 33 Hierdie dinge het Ek vir julle gesê sodat julle in My vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid kan hê. In die wêreld sal julle lyding hê, maar wees versterk, Ek het die wêreld oorwin.”
- 17** 1 Nadat Yeshua hierdie dinge gesê het, het Hy Sy oë na die hemel opgelig en gesê: “My Vader, die tyd het gekom. Bring eer en lof aan U Seun sodat U Seun U kan eer en loof,
- 2 soos U Hom outoriteit oor alle vlees gegee het sodat Hy aan alle vlees wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.
- 3 Dit is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, dié Gesalfde Een. ^{Y’hu 1:4}
- 4 Ek het U vereer en geloof op die aarde. Die daade wat U My gegee het om te doen, het Ek voltooi. ^{2 Tim 4:7}
- 5 Nou, Vader, wees tevrede met My in eenheid met Usel ^{Hand 3:13} met die goedkeuring wat Ek by U gehad het voordat die heelal was.
- 6 Ek het U Karakter en Outoriteit openbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, U het hulle aan My gegee en hulle het U boodskap gehoorsaam.
- 7 Nou weet Ek dat alles wat U My gegee het, uit U Teenwoordigheid kom,
- 8 want die boodskappe wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek vanuit eenheid met U uitgegaan het.
- 9 Ek bid vir hulle, Ek het nie vir die wêreld gebid nie, maar vir dié wat U My gegee het omdat hulle aan U behoort en vertrou het dat U My gestuur het.
- 10 Alles wat Myne is, is U s’n en wat U s’n is, is Myne en Ek is in hulle vereer en geprys.
- 11 Van nou af is Ek nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld en Ek kom na U toe, Afgesonderde Vader, bewaar hulle in U Karakter en Outoriteit, wat U vir My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons.
- 12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in U Karakter en Outoriteit bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek wag gehou en nie een van hulle is vernietig nie, behalwe die seun van die vernietiging sodat die Skrifte vervul sou word, ^{Ps 41:10}

- 13 maar nou kom Ek na U toe en Ek sê hierdie dinge in die wêreld sodat My blydschap volkome in hulle kan wees.
- 14 Ek het U boodskap aan hulle gegee en die wêreld het hulle gehaat omdat hulle nie vanuit die wêreld is nie, net soos Ek nie vanuit die wêreld is nie.
- 15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld uit wegvat nie, maar dat U hulle teen die bose sal beskerm.
- 16 Hulle is nie vanuit die wêreld nie, net soos Ek nie vanuit die wêreld is nie.
- 17 Vader, sonder hulle af in U waarheid, want U boodskap is die waarheid. ^{2 Sh'm 7:28}
- 18 Net soos U My in die wêreld ingestuur het, net so het Ek hulle ook in die wêreld ingestuur
- 19 en Ek sonder Myself af vir hulle sodat hulle ook in waarheid afgesonderd kan wees.
- 20 Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou
- 21 sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees. ^{Yog 10:30; 1 Kor 8:6}
- 22 Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het;
- 23 Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.
- 24 Vader, Ek wil dat hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees waar Ek is sodat hulle My Gemanifesteerde Teenwoordigheid kan sien, wat U My gegee het omdat U My liefgehad het, van voor die vorming van die wêreld af.
- 25 My Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken en hulle hier het verstaan dat U My gestuur het.
- 26 Ek het U Karakter en Outoriteit aan hulle openbaar en sal voortgaan om dit te openbaar sodat die liefde, waarmee U My liefgehad het, tussen hulle kan wees en Ek in hulle.
- 18** 1 Nadat Yeshua hierdie dinge gesê het, het Hy en Sy studentevolginge na 'n tuin oorkant die Kidronspruit gegaan en Hy en Sy studentevolginge het saam daar ingegaan,
- 2 maar Y'hudah, die een wat Hom sou oorgee, het ook die plek geken omdat Yeshua en Sy studentevolginge gereeld daar bymekaargekom het;
- 3 daarom het Y'hudah die afdeling soldate, die tempelwagte vanaf die leierpriesters en die Fariseërs gelei en daarheen gegaan met lanterns, fakkels en wapens.
- 4 Omdat Yeshua alles geweeet het wat met Hom sou gebeur, het Hy uitgegaan en vir hulle gevra: "Wie soek julle?"
- 5 Hulle antwoord Hom: "Yeshua, van Natzeret." Yeshua sê vir hulle: ^{Eks 3:14} "Ek is onveranderlik dieselfde." Y'hudah, die een wat Hom sou oorgee, het by hulle gestaan.
- 6 Toe Yeshua vir hulle sê: "Ek is onveranderlik dieselfde," het hulle agteruit beweeg en op die grond neergeval.

- 7 Yeshua vra hulle toe weer: “Wie soek julle?” Hulle sê: “Yeshua, van Natzeret.”
- 8 Yeshua sê vir hulle: “Ek het vir julle gesê Ek is onveranderlik dieselfde. As julle My dan soek, laat hierdie ander weggaan”
- 9 sodat die woord vervul sou word wat Hy gesê het: “Uit die wat U My gegee het, het Ek nie een verloor nie.”
- 10 Shim'on Kefa het 'n swaard gehad, dit uitgetrek en die slaaf van die hoofpriester geslaan en sy regteroor afgekap. Die naam van die slaaf was Melekh (Ar. Malka).
- 11 Hierop sê Yeshua vir Kefa: “Steek jou swaard in die skede. Sal Ek dan nie die beker, wat die Vader My gegee het, drink nie?”
- 12 Toe het die afdeling soldate, hulle bevelvoerder en die tempelwagte van die Jode Yeshua gegryp, Hom vasgebind
- 13 en Hom weggelei, eers na Hanan, want hy was die skoonvader van Kayafa, wat daardie jaar hoofpriester was.
- 14 Dit was Kayafa wat aan die Jode die raad gegee het dat dit voordelig is dat een man in die plek van die volk doodgemaak word.
- 15 Shim'on Kefa en 'n ander studentevolgeling het Yeshua gevolg. Die ander studentevolgeling was bekend by die hoofpriester en het saam met Yeshua ingegaan in die binneplaas van die hoofpriester,
- 16 maar Shim'on het buitekant naby die deur bly staan. Die ander studentevolgeling, wat bekend was met die hoofpriester, het uitgegaan en met die deurwagster gepraat en Kefa ingebring.
- 17 Toe vra die slavin, die deurwagster, vir Kefa: “Is jy nie ook een van die studentevolgelinge van hierdie man nie?” Hy sê: “Ek is nie.”
- 18 Die slavinne en die tempelwagte het by 'n vuur gestaan wat hulle gemaak het, want dit was koud en hulle het hulle warm gemaak. Kefa het by hulle gestaan en hom warm gemaak.
- 19 Die hoofpriester het vir Yeshua ondervra oor Sy studentevolgelinge en oor Sy leer.
- 20 Yeshua antwoord hom: “Ek het openlik met die mense gepraat. Ek het altyd in die bymekaarkomplekke geleer en in die tempel waar die Jode altyd bymekaarkom en in die geheim het Ek niks gesê nie.
- 21 Hoekom vra u My? Vra vir hulle wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Let op, hulle weet alles wat Ek gesê het.”
- 22 Toe Hy dit sê, het een van die wagte wat daar staan, Yeshua op die wang geklap en gesê: “Antwoord U die hoofpriester so?”
- 23 Yeshua antwoord hom: “As Ek boos gepraat het, getuig wat boos was, maar as Ek reg gepraat het, waarom slaan jy My?”
- 24 Hierna het Hanan Hom, steeds vasgebind, na Kayafa, die hoofpriester, gestuur.
- 25 Shim'on Kefa het gestaan en hom warm gemaak en hulle vra vir hom: “Is jy nie ook een van Sy studentevolgelinge nie?” Hy ontken dit toe en sê: “Ek is nie.”
- 26 Een van die hoofpriester se slawe, wat familie was van die man wie se oor Kefa afgekap het, vra: “Het ek jou nie in die tuin by Hom gesien nie?”
- 27 Weer het Kefa dit ontken en dadelik het 'n haan gekraai.

- 28 Toe neem hulle Yeshua vanaf Kayafa na die goewerneur se kantore. Dit was reeds skemeroggend en hulle het self nie in die kantore ingegaan nie sodat hulle nie onrein sou wees voordat hulle die Pesagmaal geëet het nie.
- 29 Pilatos het na hulle toe uitgekom en gevra: “Watter aanklag bring julle teen hierdie Man in?”
- 30 Hulle antwoord en sê vir hom: “As Hy geen boosdoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.”
- 31 Pilatos sê vir hulle: “Vat julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet.” Waarop die Jode vir hom sê: “Dit is nie wettig vir ons om iemand dood te maak nie”
- 32 sodat dit wat Yeshua gesê het om aan te dui watter dood Hy sou sterf vervul sou word.
- 33 Pilatos gaan toe weer in die goewerneur se kantore in en roep Yeshua en vra vir Hom: “Is U die Koning van die Jode?”
- 34 Yeshua antwoord hom: “Sê u dit uit uself, of het ander dit van My vir u gesê?”
- 35 Pilatos antwoord: “Is ek dan ’n Jood? U eie volk en die leierpriesters het U aan my oorgegee. Wat het U gedoen?”
- 36 Yeshua antwoord: “My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As My Koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het sodat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie, maar My Koninkryk is nie nou van hier nie.”
- 37 Pilatos sê toe vir Hom: “Dan is U tog ’n Koning?” Yeshua antwoord: “U sê dat Ek ’n Koning is - hiervoor is Ek gebore. Hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om van die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem.”
- 38 Pilatos vra vir Hom: “Wat is waarheid?” Toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: “Ek vind geen skuld in Hom nie,
- 39 maar julle het ’n gewoonte dat ek vir julle op die Pesag iemand moet vrylaat. Wil julle daarom hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet vrylaat?”
- 40 Almal het uitgeskree en gesê: “Nie vir Hom nie, maar vir Bar-Abba!” Bar-Abba was ’n rower.

19 ¹ Toe laat Pilatos vir Yeshua gésel.

- 2 Die soldate het ’n kroon van doringe gevleg, dit op Sy kop gesit en vir Hom ’n pers kleed aangetrek
- 3 en gesê: “Wees gegroet, Koning van die Jode.” Hulle het Hom in die gesig geklap.
- 4 Pilatos gaan toe weer na buite en sê vir hulle: “Let op, ek bring Hom vir julle uit na buite sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie, niks nie.”
- 5 Yeshua het uitgekom na buite toe en die doringkroon en die pers kleed gedra en Pilatos sê vir hulle: “Let op, hier is die Man!”
- 6 Toe die leierpriesters en die wagte Hom sien, skree hulle en sê: “Kruisig Hom, kruisig Hom!” Pilatos sê vir hulle: “Vat julle Hom en maak Hom dood aan ’n kruis, want ek vind geen skuld in Hom nie.”
- 7 Die Jode antwoord hom: “Ons het ’n wet en volgens ons wet moet Hy doodgemaak word omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het.”
- 8 Toe Pilatos dit hoor, het hy nog banger geword

- 9 en weer in die kantore ingegaan en vir Yeshua gevra: “Van waar is U?” Yeshua het hom egter geen antwoord gegee nie.
- 10 Hierop sê Pilatos vir Hom: “Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek outoriteit het om U dood te maak aan die kruis en outoriteit het om U los te laat nie?”
- 11 Yeshua antwoord: “U sou geen outoriteit oor My hê as dit nie van bo vir u gegee is nie; daarom het hy wat My aan u oorgee, groter sonde as u.”
- 12 Hierop het Pilatos probeer om Hom los te laat, maar die Jode het geskree en gesê: “As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, is in opstand teen die keiser.”
- 13 Toe Pilatos dit hoor, het hy Yeshua buitentoe gebring en op die registerstoel gaan sit in die plek wat Plaveisel genoem word, maar in Hebreeus ‘Gabta.’
- 14 Dit was omtrent sesuur (dagbreek) en die voorbereiding vir die Pesag en hy sê vir die Jode: “Let op, hier is julle Koning!”
- 15 Hulle roep egter uit: “Vat Hom weg, vat Hom weg, kruisig Hom, kruisig Hom!” Pilatos vra vir hulle: “Moet ek julle Koning kruisig?” Die leierpriesters antwoord: “Ons het geen koning behalwe die keiser nie.”
- 16 Toe het hy Hom aan hulle oorgegee om aan ’n kruis doodgemaak te word. Hulle het Yeshua gevat en Hom weggelei.
- 17 Hy het Sy kruishout gedra en uitgegaan na die plek wat Skedel (Ar. Qaraqpatha) genoem word; in Hebreeus: Gagulta,
- 18 waar hulle Hom doodgemaak het aan ’n kruis en saam met Hom twee ander; een aan elke kant en Yeshua in die middel.
- 19 Pilatos het ook ’n opskrif geskryf en dit op die paal gesit. ^{Mat 27:37; Mar 15:26; Luk 23:38} Daar is geskryf: YESHUA, VAN NATZERET, DIE KONING VAN DIE JODE.
- 20 Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees omdat die plek waar Yeshua aan die kruis gehang het, naby die stad was. Dit is in Hebreeus, Grieks en Latyns geskryf
- 21 en die leierpriesters van die Jode het vir Pilatos gesê: “Moenie skryf: ‘Die Koning van die Jode’ nie, maar, ‘dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode’.”
- 22 Pilatos het geantwoord: “Wat ek geskryf het, het ek geskryf.”
- 23 Nadat die soldate Yeshua gekruisig het, vat hulle Sy klere en deel dit in vier; vir elke soldaat ’n deel, maar die onderkleed was oor. Die onderkleed was sonder ’n naat, van bo af in een stuk geweef.
- 24 Hieroor het hulle vir mekaar gesê: “Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp, wie s’n dit sal wees” sodat die Skrif ^{Ps 22:19} vervul sou word wat sê: “Hulle het My klere onder mekaar verdeel en oor My gewaad het hulle die lot gewerp.” Hierdie dinge het die soldate gedoen.
- 25 Naby Yeshua se kruis het Sy moeder, Sy moeder se suster, Miryam - die vrou van K’lofah en Miryam van Migdala gestaan.
- 26 Yeshua het Sy moeder en die studentevolgeling wat Hy liefgehad het by haar sien staan en Hy sê vir sy moeder: “Vrou, let op, hy is u seun!”
- 27 Daarop sê Hy vir die studentevolgeling: “Let op, sy is jou moeder!” Van daardie oomblik af het die studentevolgeling haar by homself ontvang (ingeneem).
- 28 Hierna, omdat Hy geweet het dat alles reeds tot sy doel gebring is sodat die Skrif vervul sou word, het Yeshua gesê: “Ek is dors!”

- 29 Daar het 'n houer vol suurwyn gestaan en hulle het 'n spons vol suurwyn gemaak en hisop omgebind en na Sy mond toe gebring. ^{Ps 69:22}
- 30 Toe Yeshua die suurwyn ontvang het, sê Hy: "Dit is afgehandel!" Hy het Sy kop afgebuig en Sy Gees oorgegee.
- 31 Sodat die liggame nie op die Shabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereidingsdag was, want die komende dag was 'n spesiale Shabbat, ^{Deut 21:22-23} het die Jode Pilatos gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggevat moes word.
- 32 Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom aan die kruis doodgemaak is,
- 33 maar toe hulle by Yeshua kom en sien dat Hy reeds dood is, het hulle nie Sy bene gebreek nie, ^{Num 9:12}
- 34 maar een van die soldate het met 'n spies in Sy sy ingesteek en dadelik het daar bloed en water uitgekome.
- 35 Die een wat dit gesien het, het daarvan getuig en sy getuienis is waar en hy weet dat hy die waarheid praat sodat julle kan vertrou,
- 36 want hierdie dinge het gebeur sodat die Skrif vervul sou word wat sê: "Nie een van Sy bene sal gebreek word nie." ^{Eks 12:46; Num 9:12; Ps 34:21}
- 37 'n Ander Skrif sê weer: "Hulle sal na Hom kyk in Wie hulle gesteeke het." ^{Z'kh 12:10}
- 38 Na hierdie dinge het Yosef van Ramatayim, wat, omdat hy bang was vir die Jode, in die geheim 'n studentevolgeling van Yeshua was, vir Pilatos gevra of hy die liggaam van Yeshua mag wegvat en Pilatos het toestemming gegee. Hy het toe gegaan en die liggaam van Yeshua weggevat.
- 39 Nakdimon, wat eers in die nag na Yeshua gegaan het, het ook gekom met 'n mengsel van mirre en aalwyn van omtrent vyftig kilogram.
- 40 Hulle het toe die liggaam van Yeshua gevat en dit in linne doeke toegedraai saam met die soet speserye, volgens die begrafnis tradisie van die Jode.
- 41 Daar was op die plek waar Hy aan die kruis doodgemaak is, 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf, waar nog nooit iemand in neergelê was nie.
- 42 Daar het hulle Yeshua toe neergelê omdat die Shabbat nadergekom het en omdat die graf naby was.
- 20** 1 Op die eerste dag van die week kom Miryam van Migdala baie vroeg in die oggend terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf verwyder is.
- 2 Sy hardloop en kom by Shim'on Kefa en by die ander studentevolgeling vir wie Yeshua lief was en sê vir hulle: "Hulle het ons Meester uit die graf uit weggevat en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."
- 3 Kefa en die ander studentevolgeling het uitgegaan en by die graf gekom.
- 4 Die twee het saam gehardloop, maar die ander studentevolgeling het voor Shim'on gehardloop en eerste by die graf gekom
- 5 en hy het gekyk en die linne doeke sien lê, maar hy het nie ingegaan nie.
- 6 Shim'on Kefa het ná hom aangekom en in die graf ingegaan en die linne doeke gesien waar dit lê

- 7 en die grafkleed, wat oor Sy kop was, sien hy nie by die linne doeke lê nie, maar opgerol op 'n plek eenkant.
- 8 Toe het ook die ander studentevolgelinge, wat eerste by die graf gekom het, ingegaan en hy het gesien en vertrou.
- 9 Die studentevolgelinge het weer huis toe gegaan,
- 10 want hulle het nog nie vanuit die Skrifte verstaan dat Hy uit die dood uit moes opstaan nie, ^{Ps 16:10}
- 11 maar Miryam het by die graf gestaan, hardop gehuil en al huilende, ingekyk in die graf in
- 12 en twee boodskappers daar gesien sit met wit klere aan, een by die kussings en een by die voete waar die liggaam van Yeshua gelê het
- 13 en hulle vra vir haar: "Vrou, waarom huil jy?" Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Meester weggevat het en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."
- 14 Toe sy dit gesê het, draai sy om agtertoe en sien Yeshua staan en sy het nie geweet dat dit Yeshua was nie.
- 15 Yeshua vra vir haar: "Vrou, waarom huil jy? Wie soek jy?" Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom neergesit het en ek sal Hom wegvat."
- 16 Yeshua sê vir haar: "Miryam!" Sy draai om en sê vir Hom in Aramees: "Rabbuli!" wat beteken 'my Leermeester.'
- 17 Yeshua sê vir haar: "Moenie My vashou nie, want Ek het nog nie opgegaan om by My Vader te wees nie, maar gaan na My broers toe en sê vir hulle: 'Ek gaan op na My Vader en julle Vader en My God en julle God'."
- 18 Miryam van Migdala het aan die studentevolgelinge gaan vertel dat sy die Meester gesien het en dat Hy dit vir haar gesê het.
- 19 Toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure, waar die studentevolgelinge gebly het, uit vrees vir die Jode gesluit was, het Yeshua gekom, tussen hulle gestaan en vir hulle gesê: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle!"
- 20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy vir hulle Sy hande en Sy sy en die studentevolgelinge was bly omdat hulle ons Meester gesien het.
- 21 Yeshua sê weervir hulle: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle! Net soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."
- 22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: "Ontvang die Gees wat Afgesonderd is.
- 23 As julle iemand hulle sondes vergewe, dan is dit hulle vergewe. As julle iemand hulle sondes laat behou, dan is dit gehou."
- 24 T'oma, wat genoem is 'Tweeling,' een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Yeshua gekom het nie.
- 25 Die studentevolgelinge het vir hom gesê: "Ons het ons Meester gesien," maar hy het hulle geantwoord: "As ek nie in Sy hande die spykerwonde sien en my vinger in die spykerwonde steek en my hand in Sy sy steek nie, dan sal ek nie vertrou nie."

- 26 Na agt dae was Sy studentevolgelinge weer binne en T'oma was saam met hulle en terwyl die deure gesluit was, het Yeshua gekom en tussen hulle gestaan en gesê: "Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle!"
- 27 Hy sê vir T'oma: "Sit jou vinger hier en let op, My hande en bring jou hand en steek dit in My sy en moenie ongelowig wees nie, maar vertrou."
- 28 T'oma antwoord en sê vir Hom: "My Meester en my Heerser!" ^{1 Yog 2:23}
- 29 Yeshua sê vir hom: "Noudat jy My gesien het, het jy vertrou. Geseënd is dié wat nie gesien het nie en tog vertrou."
- 30 Nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek opgeskryf is nie, het Yeshua in die teenwoordigheid van Sy studentevolgelinge gedoen,
- 31 maar hierdie is opgeskryf sodat julle kan vertrou dat Yeshua dié Gesalfde Een, die Seun van God is en wanneer julle vertrou, daar vir julle ewige lewe sal wees in Sý Karakter en Outoriteit.

- 21** 1 Na hierdie dinge het Yeshua weer aan Sy studentevolgelinge verskyn by die see van Tiberias. Só het Hy verskyn:
- 2 Shim'on Kefa, T'oma, (wat Tweeling genoem is), Natan'el van Kanah in die Galila, die seuns van Zavdai en twee ander van Sy studentevolgelinge was saam.
- 3 Shim'on Kefa sê vir hulle: "Ek gaan visvang." Hulle sê vir hom: "Ons kom saam met jou." Hulle het dadelik uitgegaan en in die boot geklim en in daardie nag het hulle niks gevang nie.
- 4 Met dagbreek staan Yeshua op die strand, maar die studentevolgelinge het nie gesien dat dit Yeshua was nie.
- 5 Yeshua vra vir hulle: "Seuns, het julle enige iets om te eet?" Hulle antwoord Hom: "Nee."
- 6 Hy sê vir hulle: "Gooi die net aan die regterkant van die boot en julle sal kry." Hulle het ingegooi en as gevolg van die hoeveelheid visse kon hulle dit nie intrek nie.
- 7 Daarop sê die studentevolgelinge, die een vir wie Yeshua liefgehad het, vir Kefa: "Dit is ons Meester!" Toe Shim'on Kefa hoor dat dit ons Meester is, trek hy sy bo-kleed aan en maak sy lende vas, want hy was kaal en gooi homself in die see om na Yeshua te gaan,
- 8 maar die ander studentevolgelinge het met die boot gekom en die net met die visse gesleep, want hulle was nie ver van die land nie, omtrent 'n honderd meter.
- 9 Toe hulle geland het, sien hulle brandende kole met vis en brood daarop uitgesit.
- 10 Yeshua sê vir hulle: "Bring van die visse wat julle nou-net gevang het."
- 11 Shim'on Kefa het in die skuit geklim en die net op die land getrek, honderd drie en vyftig groot visse en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.
- 12 Yeshua sê vir hulle: "Kom eet!" Niemand van die studentevolgelinge het gewaag om Hom te vra: "Wie is U?" nie omdat hulle geweet het dat Hy ons Meester was.
- 13 Yeshua het gekom en die brood en die vis gevat en dit vir hulle gegee.
- 14 Dit was die derde keer dat Yeshua aan Sy studentevolgelinge verskyn het nadat Hy opgestaan het uit die dood.
- 15 Nadat hulle geëet het, vra Yeshua vir Shim'on Kefa: "Shim'on, seun van Yoganan, het jy My lief, meer as hulle hier?" Hy antwoord Hom: "Ja, my Meester, U weet dat

- ek U lief het.” Hy sê vir hom: “Wees ’n herder vir My lammers.”
- 16 Hy vra hom weer die tweede keer: “Shim’on, seun van Yoganan, het jy My lief?” Hy antwoord Hom: “Ja, my Meester, U weet dat ek U lief het.” Hy sê vir hom: “Wees ’n herder vir My skape.”
- 17 Hy vra hom die derde maal: “Shim’on, seun van Yoganan, het jy My lief?” Kefa het hartseer geword omdat Hy hom die derde keer vra: “Het jy My lief?” Hy antwoord Hom: “Meester, U onderskei alles, U weet dat ek U lief het.” Yeshua sê vir hom: “Wees ’n herder vir My ooie.”
- 18 “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: toe jy jonger was, het jy jouself aangetrek en gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek en ’n ander een sal jou aantrek en vat waarheen jy nie wil nie.”
- 19 Dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou vereer en loof en nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hom: “Kom, volg My.”
- 20 Shim’on Kefa het omgedraai en die studentevolgelings gesien volg vir wie Yeshua liefgehad het, die een wat by die maaltyd op sy bors geleun en gevra het: “Meester, wie is die een wat U sal oorgee?”
- 21 Toe Kefa hom sien, vra hy vir Yeshua: “My Meester, wat van hierdie een?”
- 22 Yeshua antwoord hom: “As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My.”
- 23 Hierdie boodskap het toe onder die broers uitgegaan dat daardie studentevolgelings nie sou doodgaan nie, maar Yeshua het nie vir hom gesê dat hy nie sou doodgaan nie, maar: ‘As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan?’
- 24 Dit is daardie studentevolgelings wat van hierdie dinge getuig en dit neergeskryf het en ons weet dat sy getuienis waar is.
- 25 Daar is ook nog baie ander dinge wat Yeshua gedoen het, maar as hulle almal neergeskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, nie die geskrewe boeke kon bevat nie.

Die vyfde boek van die Nuwe Verbond

Die Handelinge (Dade) van die Afgevaardigdes van Yeshua,
dié Gesalfde Een, geskryf deur Luka, 'n mediese dokter.

Saorana/Praksis d'Shlikha

(Handelinge)

Dit is in die Siries-Aramese dialek aan Theofilos geskryf,
bes moontlik die hoofpriester vanaf 37 - 41. Luka was 'n
Arameessprekende van Sirië.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Die eerste boek, O Theofilos, het ek geskryf oor alles wat Yeshua, dié Gesalfde Een, begin doen en leer het
- 2 tot op die dag dat Hy na bo geneem is nadat Hy vir die afgevaardigdes, wat Hy deur die Gees wat Afgesonderd is gekies het, opdragte gegee het;
- 3 hulle aan wie Hy, ná Sy lyding, Homself lewend gewys het deur baie bewyse terwyl Hy tydens veertig dae aan hulle verskyn en oor die Koninkryk van God gepraat het.
- 4 Terwyl Hy saam met hulle brood geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Yerushalayim af weg te gaan nie, maar om: ^{Luk 24:49} “Te wag op die belofte van die Vader, wat julle van My gehoor het,
- 5 want Yoganan het met water gedoop, maar julle sal, nie baie dae hierna nie, met die Gees wat Afgesonderd is gedoop word.” ^{Luk 3:16}
- 6 Toe hulle saam met Hom was, vra hulle vir Hom en sê: “Ons Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Yisra’el herstel?” ^{Yes 9:6-7}
- 7 Hy antwoord hulle: “Dit is nie vir julle om die vasgestelde tye te ken wat die Vader deur Sy eie Outoriteit bepaal het nie, ^{Deut 29:29}
- 8 maar wanneer die Gees wat Afgesonderd is oor julle kom, sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y’udah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde.” ^{Luk 24:47}
- 9 Nadat Hy hierdie dinge gesê het, het hulle gesien hoe Hy opgelig word in ’n wolk in en Hy was verberg vir hulle oë.
- 10 Terwyl hulle nog na die hemel kyk waarheen Hy weggaan, staan daar twee mans in wit klere langs hulle,
- 11 wat vir hulle sê: “Manne van die Galila, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Yeshua wat van julle af opgevat is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien weggaan het.” ^{Z’kh 14:3-5; Dan 7:13}
- 12 Na dit gaan hulle af van die berg af wat Beit-Tzeitha genoem word, wat omtrent drie kilometer vanaf Yerushalayim is, terug na Yerushalayim
- 13 en toe hulle daar kom, gaan hulle na die bo-vertrek waar Kefa, Ya’akov, Yoganan, Andréas, Filippus en T’oma, Bar-Talmai en Mattityahu, Ya’akov, die seun van (Bar)-Halfai, Shim’on die Yweraar en Y’udah, die seun van Ya’akov, gebly het.
- 14 Hulle het almal as een volhard in gebed, in een gees saam met die vroue en met Miryam, die moeder van Yeshua en saam met Sy broers.
- 15 In daardie dae het Kefa tussen die studentevolgelinge, (dié wat bymekaar was, was omtrent honderd en twintig manne), opgestaan en gesê:
- 16 “Broers, dit was reg dat die Skrif vervul moes word wat die Gees wat Afgesonderd is vooruit deur die mond van Dawid gesê het aangaande Y’udah; hy wat die gids was vir hulle wat Yeshua gevang het,
- 17 want hy is saam met ons getal gereken en het ’n deel van hierdie dienswerk gekry.”
- 18 (Dit is hy wat vir hom ’n stuk grond met die loon van sonde gekoop het en vooroor op die grond geval, oopgebars en al sy ingewande uitgeval het

- 19 en dit het bekend geword aan al die inwoners van Yerushalayim sodat daardie stuk grond in die taal van die streek Gakal-D'ma genoem is, dit is 'Bloedgrond.') ^{Mat 27:8}
- 20 Daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: 'Laat sy woonplek verlate wees en laat daar niemand in woon nie! ^{Ps 69:26} en 'n ander een sal sy dienswerk oorvat.' ^{Ps 109:8}
- 21 Dit is daarom reg dat een vanuit die manne wat al die tyd, waarin ons Meester Yeshua by ons in en uitgegaan het, saam met ons was,
- 22 van die doop van Yoganan af tot op die dag dat Hy van ons af opgeneem is, saam met ons getuie sal wees van Sy opstanding."
- 23 Hulle het twee voorgestel: Yosef, die seun van Sabba, wat genoem word Youstos en Mattityahu
- 24 en toe hulle gebid het, het hulle gesê: "U, יהודה, weet wat is in die gedagtes, wil en emosie van almal, wys uit hierdie twee, die een aan wat U gekies het
- 25 om deel aan hierdie dienswerk en die pos as afgevaardigde te kry, waarvan Y'udah afgewyk het om na sy eie plek te gaan."
- 26 Hulle het die lot gegooi en die lot het op Mattityahu geval en hy is gekies om afgevaardigde, saam met die elf, te wees.
- 2 1 Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu'ot) ^{Eks 34:22; Lev 23:15; Deut 16:9-10} voltooid was, was hulle almal as een bymekaar
- 2 en daar kom skielik uit die hemel 'n klank soos van 'n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul. ^{Eks 19:16-18}
- 3 Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit
- 4 en hulle is almal volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is ^{Num 11:29; Yeg 39:29; Luk 24:49} en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.
- 5 Daar het ook manne, Jode vanuit elke nasie wat onder die hemel is, wat God respekvol gevrees het, in Yerushalayim gebly.
- 6 Toe daardie stemme kom, het 'n groot skare mense saamgedrom en was verward, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal praat.
- 7 Hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: "Let op, is almal wat daar praat, dan nie van die Galila nie
- 8 en hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie geboortetaal?"
- 9 Parthiane, Mede, 'Eilamiete (Perse), die inwoners van 'Aram Naharayim, Y'udah, Kappadokia en van die streke van Pontos en Asië,
- 10 van die streke van Frugia, Pamfulia, Mitzrayim en van die streke van Libue wat naby Kurene is en hulle wat gekom het van Rome, Jode sowel as proseliete,
- 11 vanaf Krete en Arabiere. "Let op, ons hoor hulle in ons eie tale oor die groot dade van God praat!"
- 12 Hulle was almal verbaas en verward en sê die een vir die ander: "Wat is hierdie gebeurtenis?"
- 13 Ander het met hulle gespot en gesê: "Hulle het nuwe wyn gedrink en is dronk."

- 14 Na dit het Shim'on Kefa opgestaan, saam met die elf afgevaardigdes en sy stem verhef en vir hulle gesê: "Joodse manne en almal wat in Yerushalayim bly, verstaan wat dit beteken! Luister na my woorde,
- 15 want hulle is nie dronk soos julle aanneem nie omdat dit maar die derde uur (negeuur in die oggend) is, maar let op,
- 16 hiërdie is wat deur die profeet Yo'el gesê is:
- 17 'Dit sal gedoen word in die laaste dae, sê God: Ek sal My Gees uitstort op alle mense en julle seuns en julle dogters sal profeteer en julle jongmense sal visioene sien en julle oumense sal drome droom
- 18 en ook op My slawe en slavinne sal Ek in dié dae van My Gees uitstort en hulle sal profeteer.
- 19 Ek sal tekens bo in die hemel gee en wondertekens onder op die aarde: bloed, vuur en rookwolke.
- 20 Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en ontsagwekkende dag van יְהוָה kom
- 21 en dit sal wees dat elkeen wat die Karakter en Outoriteit (Naam) van יְהוָה aanroep, sal lewe.^{Yo'el 2:28-32}
- 22 Manne van Yisra'el, luister na hierdie boodskap! Yeshua, van Natzeret, die Man wat vanaf God aan julle verskyn het ^{1 Tim 2:5} met magtige dae, tekens en wonderwerke, wat God, soos julle self weet, deur Sy hand onder julle gedoen het;
- 23 hierdie Een - wat in die voorkennis en wil van God, hiervoor tot Hom afgesonder was, wat julle oorgelewer het in die hande van die wetteloses, Hom gekruisig en vermoor het,
- 24 maar deur God opgewek is en die bande van Sh'ol vernietig het omdat dit nie moontlik was om Hom in Sh'ol gevange te hou nie,
- 25 want Dawid sê aangaande Hom: 'Ek stel יְהוָה voortdurend voor my omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie geskud word nie;^{Ps 16:8-10}
- 26 daarom is my verstand, wil en emosie bly en my lof en eer juig; my vlees sal ook in veiligheid bly,
- 27 want U sal nie my lewe aan Sh'ol oorgee nie en ook nie U Afgesonderde Een verderwing laat smaak nie.^{Ps 16:10}
- 28 U sal aan my die pad van die lewe bekend maak; in U Teenwoordigheid is daar volheid van vreugde, in U regterhand is daar plesier vir ewig.^{Ps 16:8-11}
- 29 Broers, ek kan openlik met julle praat oor die stamvader Dawid, dat hy dood is en ook begrawe is en sy graf is by ons tot vandag toe ^{1 Kon 2:10}
- 30 omdat hy 'n profeet ^{Neg 12:36} was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het: 'Een uit die vrug van jou liggaam sal Ek op jou troon laat sit,^{Ps 132:11; 2 Sh'm 7:12-13}
- 31 het hy, deur dit vooruit te sien, gepraat van die opstanding van dié Gesalfde Een en dat Hy nie in Sh'ol gelos sal word nie en Sy liggaam ook nie verderwing sal sien nie -
- 32 hierdie Yeshua is deur God opgewek, waarvan ons almal getuies is.
- 33 Hy is tot by die regterhand van God verhoog en het van die Vader 'n belofte aangaande die Gees wat Afgesonderd is ontvang en dít uitgestort, wat julle nou hier sien en hoor,

- 34 want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: 'יהוה' het vir my Meester gesê: Sit aan My regterhand
- 35 totdat Ek U vyande gemaak het 'n voetstoel vir U voete.* Ps 110:1; 1 Kor 15:25; Heb 10:13
- 36 Laat die hele huis van Yisra'el daarom waarlik weet dat God daardie Yeshua, vir Wie julle gekruisig het, Die Meester en dié Gesalfde Een gemaak het.”
- 37 Toe hulle hierdie dinge hoor, is hulle verstand, wil en emosie diep getref en hulle het vir Shim'on en die ander afgevaardigdes gesê: “Wat moet ons doen, broers?”
- 38 Shim'on sê vir hulle: “Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoop word in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Die Meester, Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is kan ontvang,
- 39 want die belofte was vir julle en vir julle seuns en vir almal wat daar ver is, die wat God sal roep.”
- 40 Met baie ander boodskappe het hy teenoor hulle getuig en hulle uitgenooi en gesê: “Word gered uit hierdie verdraaide geslag.”
- 41 Dié mense onder hulle wat sy boodskap gewilliglik aanvaar het en vertrou het, is gedoop en daar is op dié dag omtrent drie duisend lewens bygevoeg.
- 42 Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam.
- 43 Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.
- 44 Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit
- 45 en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.
- 46 Voortdurend, dag vir dag, het hulle een van gees, ernstig aangehou in die tempel, van huis tot huis brood gebreek en hulle kos in vreugde ontvang en in eenvoudli van verstand, wil en emosie, geniet
- 47 terwyl hulle God prys soos hulle omgee ontvang by al die mense. Ons Meester het daaglik, die wat tot lewe gekom het, by die gemeente gevoeg.
- 3** 1 Dit was toe Shim'on Kefa en Yoganan saam opgegaan het na die tempel, op die uur van die middaggebed, rondom drie-uur,
- 2 dat hulle 'n sekere man aangedra het, let op, wat van sy moeder se baarmoeder af kreupel was en wat gereeld neergesit is langs die tempelpoort, wat die Mooipoort genoem word, om 'n daad van omgee te vra van dié wat in die tempel ingaan.
- 3 Toe hy sien dat Shim'on en Yoganan op die punt was om die tempel in te gaan, het hy vir 'n daad van omgee gebedel
- 4 en Shim'on en Yoganan het hom stip aangekyk vir hom gesê: “Kyk na ons.”
- 5 Hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou kry.
- 6 Shim'on sê vir hom: “Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou: in die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, van Natzeret, staan op en loop!”
- 7 Hy het sy regterhand gevat en hom opgetrek en onmiddellik is sy bene en voete genees.

- 8 Hy het opgespring, gestaan, rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop, spring en God prys.
- 9 Al die mense het gesien hoe hy rondloop en God prys
- 10 en hulle het hom herken, dat hy die bedelaar was wat elke dag by die Mooipoort van die tempel gesit het om omgeedade te vra. Hulle was vol verwondering en verwarring oor die ding wat gebeur het.
- 11 Terwyl hy aan Kefa en Yoganan vasgehou het, het al die mense uitermate verbaas na hulle toe gehardloop in die pilaargang, wat Shlomo s'n genoem word.
- 12 Toe Kefa dit sien, antwoord hy hulle en sê: "Seuns van Yisra'el, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons aan asof ons deur ons eie vermoë of outoriteit gemaak het dat hy loop?"
- 13 Die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov, ^{Eks 3:6,15} die God van ons vaders, het Sy Seun Yeshua eer, lof en grootheid gegee, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatos verwerp het, toe hy reg geoordeel het om Hom los te laat,
- 14 maar julle het die Afgesonderde en Onskuldige Een verwerp en gevra dat 'n moordenaar aan julle gegee sou word
- 15 en Hom, die Heerser van lewe, het julle doodgemaak, Wie God uit die dood uit laat opstaan het, waarvan ons almal Sy getuies is.
- 16 Deur vertrou in Sy Karakter en Outoriteit is hierdie man, wat julle sien en ken, herstel en genees en vertrou in Hom het hom hierdie gesondheid gegee voor julle almal.
- 17 Nou, broers, ek weet dat julle dit in misleiding gedoen het, net soos julle leiers
- 18 en God het op dié manier vervul wat Hy vooraf aangekondig het deur die mond van al Sy profete, dat Sy Gesalfde Een sou ly.
- 19 Erken julle skuld, lê dit af en draai om, terug na God toe sodat julle sondes uitgevee mag word, tye van rus vanaf die Teenwoordigheid van יהוה vir julle mag kom
- 20 en Hy die Een sal stuur wat vooraf vir julle voorberei is: Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 21 Die hemel moet Hom ontvang tot op die tyd van die einde van alle dinge, waarvan God van ouds af gepraat het deur die mond van al Sy afgesonderde profete, ^{Yes 11:1-12}
- 22 want Mosheh het gesê: 'יהוה' sal vir julle 'n profeet, wat net soos ek is, uit julle broers laat opstaan; luister na alles wat Hy vir julle sal sê
- 23 en elke gees wat nie na dié profeet luister nie, sal vanuit die mense vernietig word.' ^{Deut 18:15-19}
- 24 Ook het al die profete, van Sh'mu'el af en na hom, almal gepraat en ook hierdie dae aangekondig.
- 25 Julle is seuns van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: 'In jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.' ^{Gen 22:18; 26:4}
- 26 God het Sy Seun eerste vir julle aangestel en gestuur as 'n Seën vir julle, as julle wegdraai van julle booshede, terug na God toe."

- 4 1 Terwyl hulle hierdie woorde vir die mense gesê het, het die priesters, die Sadduseërs en die tempelleiers teen hulle opgestaan;
- 2 woedend omdat hulle die mense leer en verkondig dat dié Gesalfde Een opgestaan het uit die dood.
- 3 Hulle het hulle hande aan hulle geslaan en hulle gehou tot die volgende dag toe, want dit was al aand.
- 4 Baie van die wat die boodskap gehoor het, het vertrou en die getal mans was omtrent vyf duisend.
- 5 Die volgende dag kom hulle leiers, oudstes en leraars van die wet bymekaar,
- 6 asook Hanan, die hoofpriester, Kayafa, Yoganan, Alexandros en die wat van die families van die leierpriesters was
- 7 en toe hulle hul tussen hulle laat staan het, vra hulle vir hul: “Deur watter krag of in wie se karakter en outoriteit (naam) doen julle dit?”
- 8 Toe antwoord Shim'on Kefa, vol van die Gees wat Afgesonderd is, hulle: “Leiers van die volk en oudstes van die huis van Yisra'el, luister:
- 9 as ons vandag geoordeel word deur julle oor 'n goeie daad aan 'n siek man, waardeur hy gesond geword het,
- 10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan al die mense van Yisra'el dat deur die Karakter en Outoriteit (Naam) van Yeshua, dié Gesalfde Een, van Natzeret; Hy wat julle gekruisig het; Hy wat God uit die dood laat opstaan het; deur Hom staan hierdie man gesond voor julle.
- 11 Hy is die Steen wat deur julle, die bouers, verwerp is ^{Ps 118:22} en Hy is die hoof Hoeksteen.
- 12 Die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander karakter en outoriteit (naam) onder die hemel wat vir die mens gegee is, waardeur dit moontlik is om te lewe nie.”
- 13 Toe hulle die redenasie sien wat Kefa en Yoganan het en dat hulle dit openlik verkondig en hulle verstaan dat hulle ongeleerde manne was wat nie die boekrolle bestudeer het nie, was hulle verwonderd en het hulle herken dat hulle saam met Yeshua geleef het,
- 14 maar omdat hulle die man wat kreupel was en genees is, by hulle sien staan, kon hulle niks daarteen sê nie.
- 15 Toe beveel hulle dat hulle buite die vergadering gevat word en sê vir mekaar:
- 16 “Wat moet ons met hierdie manne doen, want let op, dit is duidelik vir al die inwoners van Yerushalayim dat daar 'n openlike wonderwerk deur hulle gebeur het; ons kan dit nie ontken nie,
- 17 maar dat dit nie nog meer onder die mense versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Karakter en Outoriteit (Naam) met enige mens te praat nie.”
- 18 Hulle het hulle geroep en hulle bevel gegee om glad nie weer in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Yeshua te praat of te leer nie.
- 19 Shim'on Kefa en Yoganan antwoord hulle en sê: “Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as vir God, moet julle self oordeel,

- 20 want vir ons is dit onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.”
- 21 Hulle het hul gedreig en vrygelaat, aangesien hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie, want al die mense het God geprys oor wat gebeur het,
- 22 want die man met wie hierdie wonderteken van genesing gebeur het, was meer as veertig jaar oud.
- 23 Nadat hulle vrygelaat is, het hulle na hul broers gegaan en alles vertel wat die priesters en die oudstes vir hulle gesê het.
- 24 Toe hulle dit hoor, het hulle in een gesindheid hulle stemme tot God opgelig en gesê: “יהוה”, U is God wat die hemel, die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak het, ^{Ps 146:6}
- 25 wat deur die Gees wat Afgesonderd is in die mond van U seun Dawid gesê het: “Waarom is die nasies verwoed en beplan die mense dit wat leeg is?”
- 26 Die konings van die aarde het opgestaan en die leiers het as een vergader teen יהוה en teen Sy Gesalfde, ^{Ps 2:1-2}
- 27 want Herodes en Pontios Pilatos, saam met nasies en die mense van Yisra’el het waarlik in hierdie stad vergader teen U afgesonderde Seun Yeshua, wat U gesalf het
- 28 om alles te doen wat U hand en U doel vooruit bepaal het om te gebeur.
- 29 Ook nou, יהוה, let op na hulle dreigemente en gee aan U diensknegte om openlik U boodskap te verkondig,
- 30 deurdat U U hand uitsteek om genesing, wonderwerke en tekens deur die Karakter en Outoriteit van U Afgesonderde Seun, Yeshua, te gee.”
- 31 Terwyl hulle bid en ernstig smee, is die plek geskud waar hulle saam was en hulle is elkeen volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is en het die boodskap van God openlik verkondig.
- 32 Die groot groep mense wat vertrou het, was een van gedagte, wil, emosie en van gees en nie een het sy besittings vir homself toegeeïen nie, maar almal het alles met mekaar gedeel.
- 33 Met groot wonderwerkende krag het die afgevaardigdes aangehou getuig van die opstanding van Yeshua, dié Gesalfde Een en groot guns was oor hulle almal.
- 34 Niemand van hulle was behoeftig nie, want almal wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die opbrengs van wat verkoop is, gebring
- 35 en aan die voete van die afgevaardigdes neergesit en dit is uitgedeel aan elkeen, volgens wat hy nodig gehad het.
- 36 So het ook Yosef, wie se bynaam onder die afgevaardigdes Bar-Nabba was, wat beteken seun van vertroosting, ’n Leviet van geboorte, vanaf Kupros,
- 37 ’n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die afgevaardigdes neergesit.
- 5** 1 ’n Man met die naam van Gananyah het, saam met sy vrou Shappirah, ’n eiendom verkoop
- 2 en, met die medewete van sy vrou, van die prys teruggehou en ’n sekere deel gebring en aan die voete van die afgevaardigdes neergesit.

- 3 Shim'on sê vir hom: "Gananyah, waarom het die Teëstander jou verstand, wil en emosie hierdeur volgemaak om vir die Gees wat Afgesonderd is te lieg en om van die prys van die grond terug te hou?
- 4 Was dit nie joune totdat dit verkoop is nie? Toe dit verkoop is, was die inkomste nie onder jou outoriteit nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou gedagtes en wil besluit het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God."
- 5 Toe Gananyah hierdie boodskap hoor, het hy dood neergeval en 'n groot vrees het oor almal gekom wat dit gehoor het.
- 6 Toe het die jongmanne onder hulle opgestaan, hom opgetel, uitgedra en begrawe.
- 7 Drie ure later kom ook sy vrou in, onbewus van wat gebeur het.
- 8 Shim'on vra vir haar: "Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop?" Sy antwoord: "Ja, vir soveel."
- 9 Shim'on sê vir haar: "Omdat julle ooreengekom het om die Gees van יהוה te toets, let op, die voete van dié wat jou man begrawe het, is by die deur en hulle sal jou uitdra."
- 10 Onmiddellik het sy voor hulle voete neergeval en is dood en die jongmanne het ingekom, haar dood gekry, haar uitgedra en by haar man begrawe
- 11 en groot vrees het oor die hele gemeente gekom; oor almal wat dit gehoor het.
- 12 Deur die hande van die afgevaardigdes het daar baie wonderwerke en tekens onder die mense gebeur en hulle het almal bymekaargekom in die pilaargang van Shlomo
- 13 en niemand van die ander het dit gewaag om met hulle te vereenselwig nie, maar die mense het voortgegaan om hulle hoog te ag.
- 14 Baie het bygekom wat in יהוה vertrou, skares van manne, sowel as vroue
- 15 sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en in groepe gelê het sodat, as Shim'on kom, ten minste sy skaduwee op hulle sou val.
- 16 Baie mense het na hulle toe gekom van ander stede wat rondom Yerushalayim is en siekes en mense wat deur onrein geeste gepla was, gebring en hulle is almal gesond gemaak.
- 17 Die hoofpriester en almal wat by hom was van die leer van die Sadduseërs, was vol jaloesie
- 18 en hulle het die hande aan die afgevaardigdes geslaan, hulle gevang en vasgebind in die openbare tronk.
- 19 Toe, in die nag, het 'n boodskapper van יהוה die deure van die tronk oopgemaak en hulle uitgelei en vir hulle gesê:
- 20 "Gaan staan in die tempel en sê vir die mense al hierdie woorde van lewe."
- 21 Hulle het met sonsopkoms uitgegaan en in die tempel ingegaan en begin leer, maar die hoofpriester en die wat saam met hom was, het gekom en die Raad en al die oudstes van Yisra'el bymekaargeroep en hulle het na die tronk toe gestuur om die afgevaardigdes te laat haal.
- 22 Toe die wat gestuur is hulle nie in die tronk kry nie, het hulle teruggegaan
- 23 en gesê "Ons het die tronk in alle sekuriteit toegesluit gekry en die wagte het buite voor die deure gestaan, maar daar was niemand binne nie."

- 24 Toe die hoofpriester, die kaptein van die tempelwagte en die leierpriesters hierdie boodskap hoor, was hulle verward daaroor en het gewonder wat dit is.
- 25 Iemand kom en rapporteer aan hulle: "Let op, dieselfde manne wat julle in die tronk gesit het, staan in die tempel en leer die mense."
- 26 Daarop gaan die kaptein van die tempelwag en sy ondergeskiktes en bring hulle, maar nie met geweld nie, want hulle was bang dat die mense hulle sou stenig.
- 27 Hulle het hulle gebring en voor die hele Raad laat staan en die hoofpriester het hulle gevra:
- 28 "Het ons julle nie met 'n opdrag beveel om niemand in dié Karakter en Outoriteit te leer nie? Let op, julle het Yerushalayim volgemaak met julle leer en julle wil ons verantwoordelik maak vir die bloed van hierdie Man."
- 29 Shim'on en die afgevaardigdes antwoord hulle en sê: "Dit is nodig om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense."
- 30 Die God van ons voorvaders ^{Eks 3:15} het Yeshua, wat julle vermoor het deur Hom aan 'n hout op te hang, laat opstaan. ^{Deut 21:22-23}
- 31 Hom het God as Hoof en Lewegewer aangestel en Hom aan Sy regterhand verhef om aan Yisra'el erkenning, berou en vergifnis van sondes te gee
- 32 en ons, asook die Gees wat Afgesonderd is wat God gegee het aan die wat in Hom vertrou, is Sy getuies van hierdie dinge."
- 33 Toe hulle hierdie woorde hoor, was hulle woedend met 'n passie en hulle het oorweeg om hulle dood te maak.
- 34 Een van hulle, 'n Fariseër met die naam van Gamali'el, wat die wet geleer het en by almal hoog in aansien was, het opgestaan
- 35 en beveel dat die afgevaardigdes 'n rukkie uitgevat word en vir hulle gesê: "Manne van Yisra'el, let op julleself wat reg is om te doen met hierdie manne,
- 36 want voor hierdie het Todah opgestaan en gesê dat hy iets anders was. By hom het 'n aantal mense, omtrent vier honderd, aangesluit. Hy is gedood en almal wat na hom geluister het, is uitmekaargejaag en het tot niks gekom nie.
- 37 Ná hom het Y'hudah, van die Galila, opgestaan, in die dae van die inskrywing vir belasting en 'n aansienlike getal mense laat afdwaal agter hom aan. Ook hy is dood en almal wat na hom geluister het, is uitmekaar.
- 38 Nou sê ek vir julle, bly weg van hierdie manne en los hulle uit, want as hierdie beweging of hierdie dade vanuit mense is, sal hulle uitmekaarspat en verbygaan,
- 39 maar as dit vanuit God is, kan julle dit nie vernietig nie sodat dit nie dalk gevind word dat julle teen God staan nie."
- 40 Hulle is deur hom oortuig en nadat hulle die afgevaardigdes ingeroep het, het hulle hul laat slaan en hulle beveel om nie in die Karakter en Outoriteit van Yeshua te praat nie en hulle vrygelaat.
- 41 Hulle het van hulle af weggegaan, verheug dat hulle waardig geag is om ter wille van Sy Karakter en Outoriteit oneer te ly
- 42 en hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en aan huis te leer en die goeie boodskap te verkondig aangaande Yeshua dié Gesalfde Een nie.

- 6 1 In daardie dae, toe die studentevolgelinge vermeerder het, het daar 'n klagte vanaf die Hellenistiese studentevolgelinge teenoor die Hebreërs ontstaan dat hulle weduwees in die daaglikse versorging oorgesien is.
- 2 Toe het die twaalf afgevaardigdes die hele vergadering van studentevolgelinge bymeekaargeroep en gesê: "Dit is nie aanvaarbaar dat ons die boodskap van God nalaat, om tafels te bedien nie.
- 3 Soek daarom, my broers en kies sewe manne vanuit julle, waarop die getuienis is, vol van die Gees van יהוה en wysheid, wat ons oor hierdie saak sal aanstel
- 4 en ons sal voortgaan in gebed en die voortdurende bediening van die boodskap."
- 5 Die gedagte het byval gevind by almal en hulle het gekies: Stefanos, 'n man vol van vertrouwe en die Gees wat Afgesonderd is, Filippos, Progoros, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaos, 'n proseliet uit Antiogea.
- 6 Hulle het hulle voor die afgevaardigdes laat staan en nadat hulle gebid het, het hulle hul die hande opgelê.
- 7 Die boodskap van God het versprei en die getal studentevolgelinge het vinnig vermeerder in Yerushalayim en baie priesters het gehoorsaam geword aan die waarheid.
- 8 Stefanos, vol van onverdiende guns en krag, het wonderwerke en tekens onder die mense gedoen
- 9 en daar het sommige van die Bymekaarkomplek van die Bevryde Slawe, soos dit genoem is, opgestaan en van die Kureniers en Alexandryne en van die mense van Kilikia en Asië en hulle het met Stefanos gedebatteer,
- 10 maar hulle kon nie teen die wysheid en die Gees waardeur hy gepraat het, staan nie.
- 11 Toe stuur hulle manne en beveel hulle om te sê: "Ons het hom kwaad hoor praat teen Mosheh en teen God."
- 12 Hulle het die mense, die oudstes en die leraars van die wet opgesweep en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring
- 13 en hulle het valse getuies aangestel om te sê: "Dié man hou nie op om kwaad te praat teen die wet en hierdie afgesonderde plek nie,
- 14 want ons het hom hoor sê: 'Hierdie Yeshua, van Natzeret, sal hierdie plek afbreek en die gebruik wat Mosheh aan ons oorgegee het, verander.'"
- 15 Terwyl almal wat in die Raad sit, hom stip dophou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel is.

- 7 1 Die hoofpriester vra vir hom of die dinge so is,
- 2 maar hy sê: "Broers en vaders, luister! Die God van eer, lof en aanbidding het verskyn aan ons vader Avraham toe hy in 'Aram Naharayim (tussen die riviere) was, voordat hy in Haran gewoon het, ^{Gen 15:7}
- 3 en vir hom gesê: 'Trek uit jou land en uit die teenwoordigheid van die seuns van jou familie en kom na die land wat Ek jou sal wys.' ^{Gen 12:1}
- 4 Toe het Avraham uitgetrek uit die land van die Kasdeërs en in Haran gaan woon en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat trek na hierdie land waarin julle nou bly

- 5 en Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetspoor nie; tog het Hy belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as erfenis te gee, toe hy nog geen seun gehad het nie. Gen 12:7; 13:15; 15:4,7,18-21; Ps 105:9-12
- 6 God het vir hom gesê dat sy nageslag vreemdelinge in 'n vreemde land sou wees en dat die mense hulle tot slawe sou maak en sou mishandel vir vier honderd jaar lank
- 7 en “die nasie vir wie hulle slawe sal wees, sal Ek oordeel,” het God gesê “en daarna sal hulle uittrek en My in hierdie plek dien.” Gen 15:13-16
- 8 Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee en hy het die vader van Yitz'gak geword en hom op die agtste dag besny en Yitz'gak het die vader van Ya'akov geword en Ya'akov van die twaalf vaders.
- 9 Hulle, ons vaders, was jaloers op Yosef en het hom na Mitzrayim toe verkoop, maar God was met hom Gen 37:11,28; 39:1-3,21,23
- 10 en het hom uit al sy moeilikhede verlos en hom onverdiende guns en wysheid gegee voor Farao, die koning van Mitzrayim en dié het hom aangestel as hoof administrateur oor Mitzrayim en oor sy hele huis. Gen 41:37-44
- 11 Daar het 'n hongersnood en groot benoudheid oor die hele Mitzrayim en Kena'an gekom en daar was niks om ons vaders te versadig nie, Gen 41:54; 42:5
- 12 maar toe Ya'akov hoor dat daar graan in Mitzrayim was, het hy ons vaders eerste uitgestuur
- 13 en die tweede keer het Yosef hom aan sy broers bekend gemaak Gen 45:1 en Yosef se familie het aan Farao bekend geword.
- 14 Toe het Yosef gestuur en sy vader Ya'akov en sy hele familie laat roep, vyf en sewentig mense. Gen 46:27; Eks 1:5
- 15 Ya'akov het afgegaan na Mitzrayim en is daar dood, hy en ons vaders
- 16 en hy is oorgeplaas na Sh'khem en begrawe in die graf wat Avraham met silwer gekoop het van die seuns van Hamor. Gen 23; Gen 33:19; 50:13; Y'ho 24:32
- 17 Namate die tyd van die belofte wat God aan Avraham met 'n eed beloof het, nader gekom het, het die volksmense toegeneem en vermeerder in Mitzrayim
- 18 totdat daar 'n ander koning opgestaan het oor Mitzrayim, wat nie vir Yosef geken het nie. Eks 1:7-8
- 19 Hy het listig met ons nasie te werk gegaan en ons vaders wreed behandel deur hulle te verplig om hul babas buite te gooi sodat hulle dit nie sou oorleef nie.
- 20 Op die bepaalde tyd is Mosheh, wat spesiaal was vir God, gebore. Drie maande lank is hy in die huis van sy vader grootgemaak,
- 21 maar toe hy buite gesit is deur sy moeder, het Farao se dogter hom gevind en hom as haar seun grootgemaak.
- 22 Mosheh is opgelei in al die wysheid van die Mitzrayimiete en was voorbereid in redevoering en in dade
- 23 en nadat hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het dit in sy gedagtes, wil en emosie opgekom om sy broers, die seuns van Yisra'el, te besoek.
- 24 Toe hy sien dat een uit sy stam verkeerd behandel word, het hy hom verdedig en die man wat mishandel is, gewreek deur die man van Mitzrayim dood te maak.

- 25 Hy het gedink dat sy broers, die seuns van Yisra'el, sou verstaan dat God hulle deur sý hand bevryding sou gee, maar hulle het dit nie verstaan nie
- 26 en 'n ander dag het hy by hulle aangekom terwyl hulle besig was om onderling te baklei en hy het by hulle aangedring om vrede te maak en gesê: 'Manne, julle is broers, waarom behandel julle mekaar verkeerd?'
- 27 Hy wat sy naaste verkeerd behandel het, het hom weggestamp en gesê: 'Wie het jou as leier en regter oor ons aangestel?'
- 28 Wil jy my ook doodmaak soos jy gister die Mitzrayimiet doodgemaak het?' Eks 2:14
- 29 Mosheh het op hierdie woord gevlug en 'n vreemdeling geword in die land van Midyan, waar hy twee seuns gehad het. Eks 2:22; 18:3-4
- 30 Nadat veertig jaar verloop het, het die boodskapper van יהוה aan hom verskyn in die wildernis by die berg Sinai, in die vlamme van 'n brandende bos.
- 31 Mosheh het dit gesien en hom oor die gesig verwonder en toe hy nader gaan om dit te ondersoek, het die stem van יהוה vir hom gesê:
- 32 'Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die God van jou vaders, die God van Avraham, die God van Yitz'gak en die God van Ya'akov,' maar Mosheh het bang geword en nie gewaag om te kyk na die verskynsel nie.
- 33 יהוה sê vir hom: 'Trek die skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is afgesonderde grond.
- 34 Ek het gekyk en die mishandeling van My volk wat in Mitzrayim is, gesien en hulle gekerm gehoor en afgekom om hulle te bevry en nou, kom hier, Ek sal jou na Mitzrayim toe stuur.' Eks 3:1-10
- 35 Hierdie Mosheh wat hulle verwerp het deur te sê: 'Wie het jou aangestel as 'n heerser en regter?' hóm het God as heerser en bevryder gestuur deur die hand van die boodskapper wat aan hom verskyn het in die struik.
- 36 Dit is hy wat hulle uitgelei en tekens, wonderwerke en magtige dade in Mitzrayim, die Rietsee en veertig jaar lank in die wildernis gedoen het.
- 37 Dit is dié Mosheh wat aan die seuns van Yisra'el gesê het: יהוה, julle God, sal vir julle 'n profeet, wat net soos ek is, vanuit julle broers verwek; julle moet Hom gehoorsaam.' Deut 18:15
- 38 Dit is hy wat in die byeenkoms in die wildernis saam met die boodskapper was, wat met hom op die berg Sinai gepraat het en saam met ons vaders was. Hy het die lewende Woorde van God ontvang om aan ons te gee.
- 39 Ons vaders wou hom nie gehoorsaam nie, maar hulle het hom verwerp en met hulle verstand, wil en emosie na Mitzrayim toe teruggedraai
- 40 toe hulle vir Aharon gesê het: 'Maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want ons weet nie wat van hierdie Mosheh, wat ons uit Mitzrayim uitgelei het, geword het nie.' Eks 32:1, 23
- 41 Hulle het in daardie dae 'n kalf gemaak en aan die afgodsbeeld 'n offer gebring en hulle in die werke van hulle hande verheug,
- 42 maar God het Hom omgedraai en hulle oorgegee om die sterre van die hemel te aanbid, Yir 19:13 soos geskrywe is in die boekrol van die profete: 'Huis van Yisra'el, dit is nie vir My dat julle slagoffers en offers gebring het gedurende veertig jaar in die wildernis nie!

- 43 Julle het die tent van Molek saamgevat en die ster van julle god Kiyun (Remfan), die beelde wat julle gemaak het, om te aanbid. ^{Yeg 20:7-26} Ek sal julle in ballingskap tot anderkant Bavel wegvoer. ^{'Am 5:25-27}
- 44 Die tent van die Getuienis was onder ons vaders in die wildernis, net soos Hy, wat met Mosheh gepraat het, hom beveel het om dit te maak volgens die bloudrukplan wat hy gesien het, ^{Eks 25:9}
- 45 wat deur ons vaders ontvang is en saam met Y'hoshua ingebring is in die land wat hulle in besit geneem het van die nasies, wat God voor ons vaders uitgedryf het, tot in die dae van Dawid,
- 46 wat onverdiende guns gekry het voor God en gevra het om 'n blyplek vir die God van Ya'akov te voorsien.
- 47 Shlomo het 'n huis vir Hom gebou,
- 48 maar Ha'Elyon (die Allerhoogste) bly nie in mensgemaakte tempels nie, net soos die profeet sê:
- 49 'Die hemel is My troon en die aarde die voetstoel vir My voete. Waar is die huis wat julle vir My sal bou, sê יְהוָה, of waar is die plek van My rus?
- 50 Het My hand nie al hierdie dinge gemaak nie?' ^{Yes 66:1-2}
- 51 Julle hardnekkiges ^{Eks 32:9; 33:3,5} en onbesnedenes ^{Lev 26:41; Yir 6:10; 9:25} van verstand, wil, emosie en ore, julle hou aan om altyd die Gees wat Afgesonderd is ^{Yes 63:10} teë te staan. Net soos julle vaders, so doen julle ook.
- 52 Watter een van die profete is nie deur julle vaders vervolgt nie? Hulle het dié gedood wat vooraf die koms van die Onskuldige aangekondig het, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het;
- 53 julle wat die wet deur die bemiddeling van boodskappers ontvang het en dit tog nie gehoorsaam het nie!"
- 54 Toe hulle dit hoor, was hulle na verstand, wil en emosie woedend en het op die tande gekners oor hom,
- 55 maar hy, vol van vertroue en die Gees wat Afgesonderd is, het aanhou kyk na die hemel en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gesien en Yeshua wat staan aan die regterhand van God
- 56 en hy het gesê: "Let op, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan." ^{Ps 110:1}
- 57 Hulle het egter met 'n harde stem geskree en hulle ore toegestop en soos een man op hom afgestorm.
- 58 Hulle het hom gegryp en buitekant die stad gevat en hom gestenig ^{Deut 17:2-7} en die wat teen hom getuig het, het hulle klere neergesit by die voete van 'n jongman met die naam van Sha'ul.
- 59 Hulle het Stefanos gestenig terwyl hy uitroep en sê: "Ons Meester, Yeshua, ontvang my gees!"
- 60 Hy het op sy knieë neergeval en met 'n harde stem uitgeroep: "Ons Meester, hou nie hierdie sonde teen hulle nie!" en met dié woorde is hy dood.

- 8 1 Sha'ul het ook saamgestem en deelgeneem aan sy moord en daar was in dié tyd 'n groot vervolging teen die gemeente in Yerushalayim en almal, behalwe die afgevaardigdes, is verstrooi oor die dorpie van Y'hudah en Shomron.
- 2 Manne wat vertrou, het Stefanos gevat en begrawe en baie oor hom gerou,
- 3 maar Sha'ul het die gemeente vervolg en in huise ingegaan en manne en vroue uitgesleep en aan die tronk oorgegee.
- 4 Die wat verstrooi is, het reisende die boodskap van God verkondig.
- 5 Filippus het afgegaan na 'n stad van Shomron en aangaande dié Gesalfde Een aan hulle verkondig.
- 6 Die mense het, soos hulle sy boodskap hoor, geluister en was oortuig van wat hy sê omdat hulle die wondertekens gesien het wat hy doen,
- 7 want uit baie van die wat onrein geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n harde stem geskree het en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword
- 8 en daar was groot blydschap in daardie stad.
- 9 'n Sekere man, met die naam van Shim'on, het vóór dit, in die stad die mense van Shomron mislei met towery en beweer dat hy 'Die groot god' is.
- 10 Almal, van klein tot groot, het tot hom gebed en gesê: "Hy is die groot krag van God."
- 11 Almal was deur hom oortuig omdat hy hulle vir 'n lang tyd deur sy towerye verstom het,
- 12 maar toe hulle vertrou wat Filippus verkondig het aangaande die Koninkryk van God in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.
- 13 Shim'on self het ook vertrou en nadat hy gedoop is, het hy gedurig by Filippus gebly en hy was verstom en verslae toe hy die tekens en wonderwerke sien wat deur sy hand gebeur.
- 14 Toe die afgevaardigdes in Yerushalayim hoor dat Shomron die boodskap van God aanvaar het, het hulle Shim'on Kefa en Yoganan na hulle toe gestuur.
- 15 Hulle het afgegaan en vir hulle gebed sodat hulle die Gees wat Afgesonderd is, kan ontvang,
- 16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua.
- 17 Hulle het toe die hande op hulle gelê en hulle het die Gees wat Afgesonderd is, ontvang.
- 18 Toe Shim'on sien dat, deur die handoplegging van die afgevaardigdes, die Gees wat Afgesonderd is gegee word, het hy vir hulle geld gebring
- 19 en gesê: "Gee vir my ook hierdie outoriteit sodat as ek iemand die hande oplê, hulle die Gees wat Afgesonderd is, kan ontvang."
- 20 Shim'on Kefa sê vir hom: "Jou geld sal saam met jou na die vernietiging gaan omdat jy gedink het dat jy die geskenk van God met wêreldse besittings kan verkry.
- 21 Jy het geen deel of breukdeel aan hierdie vertroue nie, want jou verstand, wil en emosie is nie opreg voor God nie.
- 22 Draai weg van hierdie boosheid van jou en vra van God en miskien sal Hy jou die valsheid van jou verstand, wil en emosie vergewe,

- 23 want ek sien dat jy in 'n woede van bitterheid en bande van boosheid is.”
- 24 Shim'on het geantwoord en gesê: “Bid julle tot God vir my sodat niks van wat julle gesê het, oor my mag kom nie.”
- 25 Nadat Shim'on Kefa en Yoganan getuig en die boodskap van God verkondig het, het hulle na Yerushalayim teruggegaan en die goeie boodskap in baie dorpe van Shomron verkondig.
- 26 'n Boodskapper van יהודה het met Filippus gepraat en gesê: “Staan op en gaan na die suide, op die stil pad wat afloop van Yerushalayim na 'Azah.”
- 27 Hy het opgestaan, gegaan en 'n gelowige van Kush, 'n staatsamptenaar met baie outoriteit, wat oor al Khandakh, die koningin van die Kushiete, se skatte was en wat na Yerushalayim gekom het om te aanbid, ontmoet.
- 28 Hy was op pad terug en het op sy wa gesit en die profeet Yesha'yahu gelees.
- 29 Toe sê die Gees vir Filippus: “Gaan na die wa toe en bly by hom.”
- 30 Toe hy naderkom hoor hy wat hy in die profeet Yesha'yahu lees en hy sê vir hom: “Verstaan u dit wat u lees?”
- 31 Hy antwoord: “Hoe kan ek verstaan as iemand my nie leer nie?” Toe nooi hy Filippus om op te klim en by hom te kom sit.
- 32 Die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: ‘Hy is soos 'n lam wat gelei word om geslag te word en soos 'n skaapooi wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy Sy mond nie oop nie.
- 33 In Sy vernedering in gevangenis is Hy regverdige oordeel ontnem en wie sal vertel van Sy tyd, want Sy lewe word van die aarde af weggevat?’ ^{Yes 53:7-8}
- 34 Die gelowige antwoord en sê vir Filippus: “Ek smEEK u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?”
- 35 Filippus het sy mond oopgemaak en van hierdie Skrif af begin en ons Meester, Yeshua, aan hom verkondig.
- 36 Terwyl hulle op pad is, kom hulle by water en die staatsamptenaar sê vir hom: “Let op, daar is water, wat verhinder my om gedoop te word?”
- 37 *[Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese Manuskripte of die oudste Griekse manuskripte nie]*
- 38 Hy het beveel dat die wa moes stilhou en hulle altwee, Filippus en die staatsamptenaar, het in die water afgeklom en hy is gedoop.
- 39 Toe hulle uit die water uit opklim, het die Gees van יהודה vir Filippus weggevat en die staatsamptenaar het hom nie meer gesien nie, maar hy het met blydschap verder gereis.
- 40 Filippus is egter in Ashdod gekry en hy het van daar af gereis en in al die stede verkondig totdat hy in Kaisareia gekom het.
- 9** 1 Sha'ul, wat steeds dreigemente en moord geblaas het teen die studentevolginge van ons Meester,
- 2 het van die hoofpriester briewe gevra aan die bymekaarkomplekke in Dammesek sodat, as hy mense sou kry wat van die Weg was, manne, sowel as vroue, hy hulle vasgebind na Yerushalayim kon bring.

- 3 Op die pad, naby Dammesek, is hy skielik omring met 'n helder lig vanuit die hemel.
- 4 Hy val op die grond neer en hoor 'n stem vir hom sê: "Sha'ul, Sha'ul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop."
- 5 Hy sê: "Wie is U, my Meester?" Ons Meester antwoord: ^{Eks 3:14} "Ek is onveranderlik dieselfde, Yeshua van Natzeret, wat jy vervolg."
- 6 "Staan op en gaan in die stad in en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen."
- 7 Die manne wat saam met hom gereis het, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie.
- 8 Toe staan Sha'ul van die grond af op en maak sy oë oop, maar hy kon niks sien nie en hulle het hom aan die hand gelei en in Dammesek ingebring.
- 9 Vir drie dae het hy niks gesien en niks geëet of gedrink nie.
- 10 Daar was 'n sekere studentevolging in Dammesek met die naam van Gananyah en Die Meester het vir hom in 'n visioen gesê: "Gananyah!" Hy antwoord: "Dit is ek, my Meester."
- 11 Ons Meester sê vir hom: "Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat en doen navraag in die huis van Y'hudah, na 'n man van Tarsus met die naam van Sha'ul, want let op, hy bid.
- 12 Hy sien in 'n visioen 'n man met die naam van Gananyah inkom, wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien."
- 13 Gananyah antwoord: "My Meester, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor, hoeveel boosheid hy aan die afgesonderdes in Yerushalayim gedoen het
- 14 en let op, ook hier het hy outoriteit van die leierpriesters om almal te vang wat hulle beroep op U Karakter en Outoriteit."
- 15 Die Meester sê vir hom: "Staan op en gaan, want hy is vir My 'n gekose instrument om My Karakter en Outoriteit te neem voor nasies, konings, asook die seuns van Yisra'el,
- 16 want Ek sal hom wys hoeveel hy vir My Karakter en Outoriteit moet ly."
- 17 Toe het Gananyah gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: "Sha'ul, my broer, ons Meester, Yeshua, Hy wat aan jou verskyn het op die pad toe jy gekom het, het my gestuur sodat jou oë oopgemaak kan word en jy met die Gees wat Afgesonderd is, gevul kan word."
- 18 Dadelik het daar iets soos skubbe van sy oë afgeval en hy kon onmiddellik sien en hy het opgestaan en is gedoop.
- 19 Nadat hy geëet het, het hy weer sterk geword en Sha'ul was 'n paar dae saam met die studentevolginge in Dammesek.
- 20 Hy het dadelik in die bymekaarkomplekke van die Jode verkondig aangaande Yeshua, dat Hy die Seun van God is
- 21 en almal wat hom gehoor het, was verstom en het gesê: "Is hy nie die man wat in Yerushalayim dié wat hierdie Karakter en Outoriteit aanroep vervolg het en hierheen gekom het met die doel om hulle vasgebind na die leierpriesters te bring nie?"
- 22 Sha'ul het al kragtiger geword en die Jode wat in Dammesek bly, verontrus deur te bewys dat hierdie Een dié Gesalfde Een is,
- 23 maar ná 'n geruime tyd het die Jode beraadslaag om hom dood te maak.

- 24 Hulle plan wat hulle aan hom wou doen is aan Sha'ul gewys. Hulle het die poorte dag en nag opgepas sodat hulle hom kon doodmaak.
- 25 Toe het die studentevolginge hom gevat en in die nag in 'n mandjie vanaf die muur laat afsak.
- 26 Hy het aangegaan na Yerushalayim en by die studentevolginge probeer aansluit, maar almal was bang vir hom en het nie vertrou dat hy 'n studentevolging was nie.
- 27 Bar-Nabba het hom gevat en na die afgevaardigdes gebring en aan hulle vertel presies hoe Die Meester op die pad aan hom verskyn en met hom gepraat het en hoe hy in Dammesek vrymoediglik in die Karakter en Outoriteit van Yeshua gepraat het.
- 28 Hy het saam met hulle in en uit Yerushalayim gegaan
- 29 en vrymoediglik in die Karakter en Outoriteit van Yeshua gepraat en ook met die Griekssprekende Jode gedebatteer, maar hulle het probeer om hom dood te maak.
- 30 Toe die broers dit agterkom, het hulle hom in die nag na Kaisareia gevat en hom weggestuur na Tarsus toe.
- 31 Hierna het die gemeentes deur die hele Y'udah, die Galila en Shomron vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gehad en is opgebou. Hulle het voortgegaan in die respekvolle vrees van יהוה en het gegroei in die ondersteuning van die Gees wat Afgesonderd is.
- 32 Toe Shim'on oral rondgegaan het, het hy ook gekom by die afgesonderdes wat in Lud bly
- 33 en het 'n sekere man daar gekry met die naam van Aeneas, wat verlam en reeds agt jaar lank bedlêend was.
- 34 Shim'on sê vir hom: "Aeneas (geteisterde), Yeshua, dié Gesalfde Een, maak jou gesond; staan op en maak jou bed reg!" Hy het onmiddellik opgestaan
- 35 en al die inwoners van Lud en die Sharon het gesien en hulle het omgedraai na God toe.
- 36 In Yafo was daar 'n studentevolging met die naam van Tavita, wat ryk was in omgee vir ander en van goeie dade wat sy gedoen het,
- 37 maar in dié dae het sy siek geword en is dood en hulle het haar gewas en in 'n boonste vertrek neergelê.
- 38 Lud is langs Yafo en die studentevolginge het gehoor dat Shim'on daar was en het twee manne na hom toe gestuur wat hom moes smee om sonder uitstel na hulle toe te kom.
- 39 Shim'on het opgestaan en saam met hulle gegaan. Toe hy daar kom, bring hulle hom in die boonste vertrek en al die weduwees kom by hom staan en huil en wys hom die jasse en klere wat Tavita vir hulle gemaak het toe sy nog by hulle was.
- 40 Shim'on het almal buitentoe gestuur, gekniel en gebid en hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: "Tavita, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak, vir Shim'on gesien en regop gesit.
- 41 Hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die afgesonderdes en die weduwees en gee haar lewendig vir hulle
- 42 en dit het bekend geword in die hele stad en baie het in ons Meester vertrou.
- 43 Hy het 'n geruime tyd by 'n sekere Shim'on, 'n leerlooier, in Yafo gebly.

- 10¹ Daar was in Kaisareia 'n sekere man met die naam van Kornelios, 'n kaptein oor honderd van die leërafdeling wat 'Italiaans' genoem is.
- 2 Saam met sy hele huis was hy onpartydig opreg en het God aanbid en het baie deur omgee gesorg vir die mense en het altyddeur leiding van God gevra.
- 3 Hy het in 'n gesig omtrent drie-uur die middag duidelik 'n boodskapper van God na hom toe sien kom wat vir hom sê: "Kornelios!"
- 4 Hy het die oë baie bang op hom gehou en gesê: "Wat is dit, my meester?" Toe antwoord hy hom: "Jou gebede en jou daade van omgee het voor God in herinnering gekom.
- 5 Stuur dan nou manne na Yafo en laat vir Shim'on haal, wat ook Kefa genoem word.
- 6 Let op, hy bly by 'n sekere Shim'on, 'n leerlooier, wie se huis by die see is. Hy sal jou sê wat jy moet doen."
- 7 Toe die boodskapper wat met Kornelios gepraat het, weg is, roep hy twee van sy huisbediendes en 'n toegewyde soldaat wat met hom saamgestem het
- 8 en vertel hulle alles wat hy gesien het en stuur hulle na Yafo.
- 9 Die volgende dag terwyl hulle op pad was, naby die stad, het Shim'on omtrent twaalfuur die middag op die dak geklim om te bid
- 10 en hy het honger geword en wou eet en terwyl dit vir hom voorberei is, het daar 'n geesvervoering oor hom gekom:
- 11 hy sien die hemel oopgemaak en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom toe afkom, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde laat sak word.
- 12 Daarin was al die viervoetige diere van die aarde, kruipende diere en die voëls van die hemel
- 13 en daar kom 'n stem na hom toe: "Staan op, Shim'on, slag en eet!"
- 14 Shim'on sê: "Nooit nie, my Meester, want ek het nog nooit iets vuils of onreins geëet nie."
- 15 Weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie vuil ag nie."
- 16 Dit het drie maal gebeur en die voorwerp is weer in die hemel in opgevat.
- 17 Terwyl Shim'on nog by homself gewonder het oor wat die visioen, wat hy gesien het, kon beteken, het die manne wat deur Kornelios gestuur is, gearriveer, verneem na die huis van Shim'on en by die hek gaan staan.
- 18 Hulle het geroep en gevra of Shim'on, wat ook Kefa genoem word, daar bly.
- 19 Terwyl Kefa nadink oor die visioen, sê die Gees vir hom: "Let op, daar is drie manne wat jou soek.
- 20 Staan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want dit is Ek wat hulle gestuur het."
- 21 Toe het Shim'on na die manne toe afgeklim en gesê: "Dit is ek wat julle soek. Hoekom het julle gekom?"
- 22 Hulle sê vir hom: "Kornelios, 'n kaptein oor honderd, 'n goeie en Godvresende man, wat 'n goeie naam het by al die Jode, het 'n openbaring ontvang deur 'n afgesonderde boodskapper, om u te laat haal na sy huis toe, om te hoor wat u sal sê."

- 23 Shim'on het hulle ingenooi en onthaal waar hy gebly het en die volgende dag het Kefa saam met hulle gegaan en sekere van die broers uit Yafo het saam met hom gegaan.
- 24 Die dag daarna het hulle in Kaisareia aangekom waar Kornelios hulle verwag het terwyl sy familie en goeie vriende by hom bymekaar was.
- 25 Toe Shim'on inkom, het Kornelios hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval uit eerbetoning,
- 26 maar Shim'on het hom opgetel en gesê: "Staan op, ek is self ook net 'n mens."
- 27 Terwyl hy met hom praat, gaan hy in en kry baie wat bymekaargekom het
- 28 en hy sê vir hulle: "Julle weet dat dit nie toegelaat word vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk te assosieer of om hom te besoek nie, maar God het my gewys dat ek geen mens vuil of onrein mag noem nie,
- 29 ek het daarom, toe ek geroep is, dadelik gekom. Ek vra dan om watter rede julle my laat roep het."
- 30 Kornelios sê: "Vier dae gelede, omtrent hierdie uur, was ek besig om te vas en drie-uur die middag het ek in my huis gebid en skielik staan daar 'n man voor my in wit klere
- 31 en sê: 'Kornelios, jou gebed is gehoor en jou dade van omgee is voor God in herinnering gebring.
- 32 Stuur dan na Yafo en laat Shim'on, wat ook Kefa genoem word, haal. Hy bly in die huis van Shim'on, 'n leerlooier, naby die see; as hy kom, sal hy met jou praat.'
- 33 Ek het onmiddellik na u gestuur en u het goed gedoen om te kom. Let op, ons is almal voor u om alles te hoor wat van die Teenwoordigheid van God aan u beveel is."
- 34 Shim'on het sy mond oopgemaak en gesê: "In waarheid verstaan ek dat God geen aannemer van die persoon is nie,
- 35 maar dat in elke nasie dié een wat Hom vrees en onpartydig opreg is, aanvaarbaar is vir Hom. ^{Open 5:9}
- 36 Dít is die boodskap wat Hy, wat Die Meester van almal is, aan die seuns van Yisra'el gestuur het toe Hy die goeie nuus van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en rus verkondig het deur Yeshua, Die Gesalfde Een.
- 37 Julle ken die boodskap wat in die hele Y'hudah was, wat vanuit die Galila begin het, ná die doop wat Yoganan verkondig het,
- 38 aangaande Yeshua van Natzeret, wat God gesalf het met die Gees wat Afgesonderd is en met krag. Hy het rondgegaan en almal wat deur die Bose een onderdruk was, genees omdat God in Hom was.
- 39 Ons is getuies van alles wat Hy gedoen het in die gebied van Y'hudah en in Yerushalayim; hulle het Hom vermoor deur Hom aan 'n hout op te hang. ^{Deut 21:23}
- 40 God het Hom op die derde dag laat opstaan en gegee dat Hy openlik verskyn,
- 41 nie aan al die mense nie, maar aan ons wat vooraf deur God as Sy getuies gekies is, aan ons wat saam met Hom geëet en gedrink het nadat Hy uit die dood uit opgestaan het.
- 42 Hy het ons beveel om aan die mense te verkondig en te getuig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter van wat lewe en wat dood is.

- 43 Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom vertrou, vergifnis van sondes deur Sy Karakter en Outoriteit sal ontvang.”
- 44 Terwyl Shim'on besig was om te praat, het die Gees wat Afgesonderd is op almal wat die boodskap gehoor het, gekom
- 45 en die broers vanuit die besnydenis, wat saam met Shim'on gekom het, was verstom en verbaas dat die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is ook oor die ander nasies uitgestort is,
- 46 want hulle het gehoor hoe hulle in verskillende tale praat en God grootmaak en Shim'on sê:
- 47 “Niemand kan die water keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Gees wat Afgesonderd is, ontvang het, gedoop word nie.”
- 48 Toe het hy beveel dat hulle gedoop moet word in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een. Hulle het hom toe gevra om nog 'n paar dae te bly.
- 11** 1 Die Afgevaardigdes en die broers wat in Y'hudah was, het gehoor dat die ander nasies ook die boodskap van God aanvaar het
- 2 en toe Shim'on opgaan na Yerushalayim, het die wat uit 'die besnydenis groep' was, hom teëgestaan
- 3 en gesê: “Jy het in die teenwoordigheid van onbesnede manne ingegaan en saam met hulle geëet.”
- 4 Shim'on het tussenbeide getree en vir hulle gesê:
- 5 “Toe ek in die stad Yafo in gebed was, het ek in 'n visioen 'n voorwerp, soos 'n groot laken, uit die hemel sien neerdaal, wat aan die vier hoeke uit die hemel afgesak het en dit het tot by my gekom.
- 6 Ek het daarna gekyk en diere daarin gesien; viervoetige diere van die aarde, kruipende diere en die voëls van die hemel
- 7 en ek het 'n stem vir my hoor sê: ‘Shim'on, staan op en eet!’
- 8 Ek het geantwoord: ‘Nooit nie, my Meester, want ek het nog nooit iets vuils of onrein geëet nie.’
- 9 Die stem het weer uit die hemel geantwoord: ‘Wat God rein gemaak het, mag jy nie vuil ag nie.’
- 10 Dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel in
- 11 en dadelik sien ek drie manne, wat van Kaisareia af na my toe gestuur is, voor die ingang staan waar ek gebly het.
- 12 Die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. Hierdie ses broers het ook saam met my gegaan en ons het in die man se huis ingegaan
- 13 en hy het aan ons verduidelik hoe die boodskapper in sy huis verskyn en vir hom gesê het: ‘Stuur manne na Yafo en laat vir Shim'on haal, wat ook Kefa genoem word,
- 14 wat vir jou woorde sal bring waardeur jy en jou hele huis lewe sal ontvang.’
- 15 Terwyl ek daar besig was om te praat, het die Gees wat Afgesonderd is op hulle gekom net soos in die begin op ons

- 16 en ek is herinner aan die woord van die Meester, dat Hy gesê het: 'Yoganan het met water gedoop, maar julle sal met die Gees wat Afgesonderd is gedoop word.'
- 17 As God daarom aan hulle, wat in die Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, vertrou het, dieselfde geskenk gegee het soos aan ons, wie was ek dan, dat ek God kon keer?"
- 18 Toe hulle dit hoor, was hulle stil en het eer, lof en aanbidding aan God gebring en gesê: "Miskien het God ook aan die ander nasies die erkenning, belydenis en wegdraai van sonde na God toe, tot die lewe, gegee."
- 19 Die wat verstrooi was, deur die vervolging wat na Stefanos ontstaan het, het Foinike bereik, asook die streek van Kupros en Antiogea, sonder om aan iemand die boodskap te bring, behalwe tot die Jode alleen,
- 20 maar daar was sommige van hulle, manne van Kupros en Kurene, wat in Antiogea gekom het en met die Grieke gepraat het en aangaande ons Meester Yeshua verkondig het
- 21 en die hand van יהודה was met hulle en 'n groot getal het vertrou en het omgedraai na יהודה toe.
- 22 Toe die boodskap hiervan die gemeente, wat in Yerushalayim was, se ore bereik, het hulle Bar-Nabba afgestuur na Antiogea.
- 23 Toe hy daar kom en die onverdiende guns van God sien, was hy verheug en het almal aangemoedig om met hulle hele verstand, wil en emosie aan ons Meester vas te hou,
- 24 want hy was 'n goeie man, vol vertroue en van die Gees wat Afgesonderd is en baie mense is by ons Meester bygevoeg.
- 25 Hy het na Tarsus vertrek om Sha'ul te soek
- 26 en toe hy hom kry, het hy hom saam met hom na Antiogea gebring en hulle het 'n hele jaar lank as een saam in die gemeente bymekaargekom en baie mense geleer en die studentevolginge is in Antiogea vir die eerste keer 'volgeling van dié Gesalfde Een' genoem.
- 27 In dié dae het daar profete van Yerushalayim na Antiogea afgekom
- 28 en een van hulle met die naam van Agav het opgestaan en deur die Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele land sou kom, wat ook gebeur het onder keiser Klaudios.
- 29 Die studentevolginge het besluit dat elkeen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broers wat in Y'hudah bly,
- 30 wat hulle deur die hande van Bar-Nabba en Sha'ul, aan die oudstes gestuur het.
- 12** 1 In daardie tyd het koning Herodes, wat die bynaam Agrippus gehad het, sy hande aan mense uit die gemeente geslaan om hulle kwaad aan te doen.
- 2 Hy het Ya'akov, die broer van Yoganan, met die swaard vermoor
- 3 en toe hy sien dat dit die Jode tevrede stel, het hy verder ook vir Shim'on Kefa gevang, maar dit was die 'Dae van Ongesuurde Brood'.
- 4 Hy het hom gearrester en hom in die tronk gesit en oorgegee aan sestien soldate, om wag te hou oor hom, om hom ná die Pesagfees aan die mense van Y'hudah oor te lewer.

- 5 Terwyl Shim'on in die tronk bewaak is, het die gemeente sonder ophou tot God vir hom gebid.
- 6 Die nag, voor sonsopkoms, voordat Herodes hom wou oorgee, het Shim'on tussen twee soldate geslaap, met twee kettings vasgemaak en ander het voor die deur wag gestaan.
- 7 Daar staan 'n boodskapper van יהודה by hom en 'n lig skyn in die hele plek en hy stamp hom in die sy, maak hom wakker en sê: "Staan vinnig op." Die kettings het van sy hande afgeval.
- 8 Die boodskapper sê vir hom: "Bind jou gordel vas en trek jou sandale aan!" Hy het dit gedoen. Verder sê hy vir hom: "Gooi jou bo-kleed om en volg my!"
- 9 Hy het uitgegaan en hom gevolg, maar hy het nie geweet dat wat deur die boodskapper gebeur het, regtig was nie, maar hy het gedink dat hy 'n visioen sien.
- 10 Toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterhek en dit het vanself vir hulle oopgegaan. Hulle het buitekant gekom, een straat ver gegaan en skielik het die boodskapper van hom af weggegaan.
- 11 Toe besef Shim'on en sê: "Nou weet ek in waarheid dat יהודה Sy boodskapper gestuur en my gered het uit die hand van koning Herodes en uit dit wat die manne van Y'hudah teen my beplan het."
- 12 Terwyl hy dit oordink, kom hy by die huis van Miryam, die moeder van Yoganen, wat ook Markos genoem word, waar baie in gebed bymekaar was.
- 13 Hy het aan die buitedeur geklop; 'n diensmeisie met die naam van Rhode het gegaan om dit te antwoord
- 14 en sy het die stem van Shim'on herken en in haar blydschap nie die deur oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en aangekondig dat Shim'on voor die deur staan.
- 15 Hulle sê egter vir haar: "Jy is deurmekaar," maar sy het volhard dat dit so is. Daarop sê hulle: "Miskien is dit sy boodskapper."
- 16 Shim'on het aangehou met klop en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verwonderd teenoor mekaar.
- 17 Hy het ingekom en vir hulle met die hand gewys om stil te bly en aan hulle vertel hoe יהודה hom uit die tronk uitgebring het en hy sê: "Vertel dit aan Ya'akov en die broers." Hy het uitgegaan na 'n ander plek toe.
- 18 Toe dit oggend was, was daar 'n groot oproer onder die soldate oor wat van Shim'on geword het!
- 19 Toe Herodes hom gesoek en nie gekry het nie, het hy die wagte veroordeel, beveel dat hulle doodgemaak moes word en hy het van Y'hudah na Kaisareia gegaan en daar gebly.
- 20 Omdat hy in vyandskap was met die mense van Tzor en Tzidon, het hulle saamgespan en na hom toe gekom en nadat hulle Blastos, die koning se hofdienaar, omgepraat het, vrede gevra omdat hulle land voorsiening uit die koning s'n ontvang het.
- 21 Op 'n bepaalde dag het Herodes 'n koninklike kleed aangetrek en op die regstroon gaan sit en met die skare gepraat,
- 22 maar al die mense het uitgeroep en gesê: "'n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie!"

23 Omdat hy nie die eer, lof en aanbidding aan God gegee het nie, het 'n boodskapper van יהודה hom onmiddellik geslaan en hy is deur wurms opgeëet en is dood,

24 maar die goeie boodskap van God is verkondig en het gegroei.

25 Bar-Nabba en Sha'ul het vanaf Yerushalayim teruggekeer na Antiogea nadat hulle hul dienswerk voltooi het en hulle het Yoganen saamgevat, wat ook Markos genoem word.

13 1 Daar was in die plaaslike gemeente in Antiogea sekere profete en leraars, naamlik Bar-Nabba, Shim'on (wat Swart genoem word), Loukios (van Kurene), Menagem (seun van hulle wat Herodes, die heerser oor vier streke, grootgemaak het) en Sha'ul.

2 Terwyl hulle besig was om God te aanbid en te vas, het die Gees wat Afgesonderd is vir hulle gesê: "Sonder Bar-Nabba en Sha'ul vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het."

3 Nadat hulle gevas, gebed en hulle die hande opgelê het, het hulle hul uitgestuur.

4 Hulle het, nadat hulle deur die Gees wat Afgesonderd is, uitgestuur is, afgegaan na Seleukeia en daarvandaan op die see gevaar na Kupro.

5 Toe hulle in Salamis gekom het, het hulle die boodskap van ons Meester in die bymekaarkomplekke van die Jode verkondig en Yoganen het hulle bedien.

6 Hulle het die eiland deurkruis tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Y'hoshua. (Ar. Bar-Shuma).

7 Hy was by die goewerneur Sergios Paulos, 'n verstandige man. Dié het Bar-Nabba en Sha'ul laat roep en het begeer om die boodskap van God te hoor,

8 maar hierdie towenaar, Bar-Shuma, wie se naam vertaal word as Elumas (Gr.), het hulle teëgestaan, want hy wou die goewerneur wegdraai van die geloof.

9 Sha'ul, wat ook Paulos genoem is, vol van die Gees wat Afgesonderd is, het stip na hom gekyk

10 en gesê: "O, een vol van alle misleiding en alle boosheid, seun van die lasteraar (aanklaer) en vyand van alle onpartydige opregtheid, sal jy nie ophou om die reguit paaie van יהודה te verdraai nie?"

11 Die hand van יהודה is nou op jou en jy sal blind wees en die son vir 'n tyd lank nie sien nie." Onmiddellik het daar donkerte en duisternis op hom geval en hy het rondgeloop en gesoek na iemand wat hom aan die hand kon lei.

12 Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verstom en het vertrou in die leer van יהודה,

13 maar Sha'ul en Bar-Nabba het weggevaar van Pafos en by Perge in Pamfulia gekom. Yoganen Markos het hulle verlaat en na Yerushalayim teruggegaan,

14 maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiogea in Pisidia gekom en hulle het op die Shabbat in die bymekaarkomplek ingegaan en gaan sit.

15 Ná die lees van die wet en die profete het die oudstes van die bymekaarkomplek na hulle gestuur en gesê: "Broers, as julle 'n boodskap van ondersteuning het, praat met die mense!"

16 Toe staan Sha'ul op, wink met die hand en sê: "Manne van Yisra'el en julle wat God aanbid, luister!

- 17 Die God van hierdie mense het ons vaders gekies en die mense opgelig en vermeerder toe hulle vreemdelinge in Mitzrayim was en hulle met 'n verhewe arm daar uitgelei. ^{Eks 6:6; 12:51}
- 18 Hy het hulle veertig jaar ^{Num 14:33,34} in die wildernis versorg
- 19 en Hy het sewe nasies in die land Kena'an uitgewis ^{Deut 7:1} en hulle land aan hulle gegee as erfenis.
- 20 Vir vier honderd en vyftig jaar lank het Hy vir hulle regters gegee ^{Rig 2:16} tot by Sh'mu'el, die profeet.
- 21 Hierna het hulle gevra vir 'n koning en God het vir hulle Sha'ul, die seun van Kish, 'n man uit die stam van Binyamin, vir veertig jaar lank gegee.
- 22 Hy het hom verwyder en Hy het Dawid vir hulle opgelig as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: "Ek het Dawid, die seun van Yishai, 'n man na My gedagtes en wil gevind, wat My begeertes sal doen. ^{1 Sh'm 13:14; Ps 89:21}
- 23 Uit die nageslag van hierdie man het God, volgens die belofte, Yeshua as Verlosser laat opstaan vir Yisra'el. ^{Yes 11:1-4; Yir 23:5,6; Ps 89:4,5}
- 24 Hy het Yoganan gestuur om, voor Sy koms, die doop van berou oor sonde en omdraai na God aan al die mense van Yisra'el te verkondig
- 25 en toe Yoganan aan die einde van sy bediening gekom het, het hy gesê: 'Wie dink julle is ek? Ek is dit nie, maar kyk, Hy kom ná my, Wie se sandaalbande ek nie waardig is om los te maak nie.' ^{Mat 3:11}
- 26 Broers, seuns van die geslag van Avraham en dié wat God saam met julle aanbid; vir julle is hierdie boodskap van lewe gestuur,
- 27 want die inwoners van Yerushalayim en hulle leiers het Hom nie herken nie en ook nie die skrifte van die profete wat elke Shabbat gelees word nie, maar hulle het Hom veroordeel en so dit wat geskryf is, vervul.
- 28 Alhoewel hulle niks gekry het wat die dood verdien nie, het hulle van Pilatos gevra dat Hy doodgemaak moes word.
- 29 Toe hulle alles vervul het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal ^{Deut 21:23} en in 'n graf gesit,
- 30 maar God het Hom uit die graf uit laat opstaan
- 31 en gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het vanaf die Galila na Yerushalayim en hulle is nou Sy getuies by die mense.
- 32 Ons bring ook vir julle die goeie boodskap: dat die belofte wat aan ons vaders gedoen is,
- 33 let op, deur God aan ons, hulle seuns, vervul is, deur Yeshua te laat opstaan, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: 'U is My Seun, vandag het Ek U voortgebring.' ^{Ps 2:7; Heb 1:5; Heb 5:5}
- 34 So het God Hom laat opstaan uit die graf sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie; soos dit sê: 'Ek sal aan julle gee die onverdiende guns van die getroue Dawid.' ^{Yes 55:3}
- 35 Weer sê Hy op 'n ander plek: ^{Ps 16:10} 'U sal U Reine nie gee om verderwing te sien nie,'
- 36 want nadat Dawid sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, is hy dood en is hy by sy vaders weggelê en het verderwing gesien,

- 37 maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie;
 38 daarom moet julle weet, broers, dat deur hierdie Man, die bevryding van sondes aan julle verkondig word
 39 en dat elkeen wat vertrou, deur Hom onskuldig verklaar word van alles waarvan julle deur die wet van Mosheh nie onskuldig verklaar kon word nie.
 40 Wees dan versigtig dat dit wat die profete gesê het nie oor julle kom nie:
 41 ^{Hav 1:5} 'Let op, julle bespotters en wees verwonderd en word vernietig, want Ek gaan iets in julle tyd doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie'."
- 42 Toe hulle van hul af weggaan, het hulle wat van ander nasies is hulle gevra dat hulle die volgende Shabbat hierdie boodskap by hulle sou bring.
 43 Toe die bymekaarkoms verby was, het baie van die Jode en vreemdelinge, wat aanbidders van God was, saam met Sha'ul en Bar-Nabba gegaan. Dié het met hulle gepraat en hulle oortuig om in die onverdiende guns van God te bly.
 44 Die volgende Shabbat het die hele stad saamgekom om die boodskap van God te hoor,
 45 maar toe die Jode die skare mense sien, is hulle met woede vervul en het met bose woorde weerspreek wat deur Sha'ul gesê is.
 46 Sha'ul en Bar-Nabba het reguit, openlik, gepraat en gesê: "Dit was noodsaaklik dat die boodskap van God eerste aan julle verkondig moes word, maar julle het dit verwerp en teen julleself besluit dat julle nie die ewige lewe werd is nie. Let op, ons draai na die ander nasies toe,
 47 want so het ons Meester ons beveel, soos dit geskryf is: 'Ek het U 'n Lig vir die nasies gemaak, om tot lewe te wees tot aan die eindes van die aarde'." ^{Yes 49:6}
 48 Toe dié van ander nasies dit hoor, was hulle verheug en hulle het God geloof, geëer en aanbid en almal was gevestig was tot die ewige lewe, het vertrou.
 49 Die boodskap van יהוה is deur die hele streek versprei,
 50 maar die Jode het die belangrike manne en die gesiene godsdienstige vroue van die stad opgesweep en teen Sha'ul en Bar-Nabba 'n vervolging begin en hulle uit hul gebied verdryf.
 51 Toe hulle weggaan, het hulle die stof van hulle voete teen hulle afgeskud en na Ikónion gegaan.
 52 Die studentevolginge is vervul met blydschap en met die Gees wat Afgesonderd is.
- 14** 1 Daar aangekom, het hulle in die bymekaarkomplek van die Jode ingegaan en so gepraat dat baie Jode, sowel as Grieke, vertrou het,
 2 maar die ongelowige Jode het die manne van ander nasies teen die broers opgestook om hulle kwaad aan te doen.
 3 Hulle het 'n lang tyd daar gebly en vrymoediglik in die openbaar aangaande יהוה gepraat en Hy het, deur tekens en wonders deur hulle hande te doen, getuienis gegee aangaande die boodskap van Sy onverdiende guns.
 4 Die mense van die stad was egter verdeeld; sommige saam met die Jode en ander saam met die afgevaardigdes.

- 5 Daar was egter 'n besluit van hulle van die ander nasies en ook die Jode, saam met hulle leiers, om hulle aan te val en met klippe te stenig.
- 6 Toe hulle dit te wete kom, het hulle na die stede van Lukaonia: Lustra, Derbe en die dorpies rondom, gevlug.
- 7 Daar het hulle die goeie boodskap verkondig.
- 8 In Lustra het daar 'n sekere man gesit wat nie sy voete kon gebruik nie. Kreupel van geboorte af, het hy nog nooit geloop nie.
- 9 Hy het geluister terwyl Sha'ul praat en Sha'ul het hom stip dopgehou en, toe hy sien dat hy die vertrouwe het om lewe te ontvang,
- 10 met 'n harde stem vir hom gesê: "Vir jou sê ek in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, staan regop op jou voete!" Hy het opgespring en rondgeloop,
- 11 maar toe die mense sien wat Sha'ul gedoen het, verhef hulle hul stem en sê in die taal van die land: "Die gode het soos mense geword en afgekom na ons toe."
- 12 Hulle het vir Bar-Nabba, meester van die gode genoem en vir Sha'ul, Hermes omdat hy die boodskapper was.
- 13 Die priester van 'die meester van die gode,' wie se tempel buite hulle stad was, het bulle en sierkranse na die poorte gebring en wou 'n offer aan hulle bring,
- 14 maar toe die afgevaardigdes, Bar-Nabba en Sha'ul, dit hoor, het hulle hul klere geskeur en onder die mense ingehardloop, uitgeroep
- 15 en gesê: "Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense wat kan ly soos julle en ons verkondig die goeie boodskap dat julle jul van hierdie nuttelose dinge moet wegdraai na die Lewende God, wat die hemel, die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak het. Gen 1:1; Ps 146:6
- 16 Hy het in die geslagte wat verby is, al die nasies gelos om op hulle eie paaie te loop
- 17 terwyl Hy Homself nie sonder getuienis gelaat het nie, deur baie te doen: van die hemel af vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons verstand, wil en emosie te vul met vreugde en vrolikheid."
- 18 Selfs met hierdie woorde het hulle met moeite die mense verhinder om aan hulle te offer,
- 19 maar daar het Jode vanaf Antiogeia en Ikonion gekom en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Sha'ul gestenig en hom buite die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood is.
- 20 Toe die studentevolgelinge egter rondom hom kom staan, het hy opgestaan en in die stad ingegaan en die volgende dag saam met Bar-Nabba na Derbe vertrek.
- 21 Terwyl Sha'ul-hulle die goeie nuus verkondig het aan die mense in daardie stad, het hulle baie studentevolgelinge geleer en hulle het teruggegaan na Lustra, Ikonion en Antiogeia,
- 22 die gees van die studentevolgelinge daar versterk en hulle opgeroep om te volhard in vertrouwe deur te sê: "Dit is nodig om deur baie vervolging in die Koninkryk van God in te gaan."
- 23 Hulle het in elke gemeente vir hulle oudstes gekies terwyl hulle saam met hulle gebid en gevas het en hulle opgedra het aan ons Meester in Wie hulle vertrou het.

- 24 Toe gaan hulle deur die land Pisidia en kom in Pamfulia
 25 en nadat hulle die boodskap van יהוה in Perge verkondig het, het hulle afgegaan na Attaleia
 26 en daarvandaan het hulle gevaar na Antiogea, waar hulle aan die onverdiende guns van יהוה opgedra is vir die werk wat hulle voltooi het.
 27 Toe hulle daar kom en die gemeente saamgeroep het, het hulle verslag gedoen van al die dinge wat God deur hulle gedoen het en dat Hy 'n deur van vertroue vir die ander nasies oopgemaak het.
 28 Hulle het 'n lang tyd daar by die studentevolginge gebly.

- 15** 1 Manne wat van Y'hudah af gekom het, het die broers geleer: "As julle nie besny word, volgens die tradisie van die wet nie, kan julle nie lewe hê nie."
 2 Hieroor het daar 'n groot opstand en woordewisseling van die kant van Sha'ul en Bar-Nabba teen hulle ontstaan en daar is besluit dat Sha'ul, Bar-Nabba en nog sekere ander van hulle, sou opgaan na die afgevaardigdes en oudstes in Yerushalayim, in verband met hierdie vraagstuk.
 3 Hulle is hierop deur die gemeente uitgestuur en het deur Foinike en Shomron gegaan en vertel van die ander nasies se wegdraai van sondes na God toe en dit het groot blydskap vir al die broers gebring.
 4 By hulle aankoms in Yerushalayim is hulle deur die gemeente, die afgevaardigdes en die oudstes ontvang en hulle het verslag gedoen van al die dinge wat God deur hulle gedoen het,
 5 maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: "Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en beveel word om die wet van Mosheh te onderhou."
 6 Die afgevaardigdes en die oudstes het bymekaargekom om hierdie saak te ondersoek
 7 en nadat 'n groot debat gevolg het, het Shim'on opgestaan en vir hulle gesê: "Broers, julle weet dat God van die begin af gekies het dat die nasies deur my mond die goeie boodskap sal hoor en vertrou
 8 en God, wat die verstand, wil en emosie ken, het aangaande hulle getuig deur aan hulle die Gees wat Afgesonderd is te gee net soos aan ons.
 9 Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertroue. Num 15:14-16; Yes 56:7; Rom 9:7,8; Rom 11; Efe 2:13-18
 10 Nou waarom toets julle God deur op die nek van die studentevolginge 'n juk te lê wat nie ons vaders of ons in staat was om te dra nie?
 11 Ons vertrou dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle."
 12 Almal in die byeenkoms het stilgebly en na Bar-Nabba en Sha'ul geluister terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat God deur hulle onder die nasies gedoen het.
 13 Toe hulle stilgebly het, staan Ya'akov op en sê: "Broers, luister na my!
 14 Shim'on het vertel presies hoe God in die begin besluit het om mense uit die ander nasies vir Sy Karakter en Outoriteit (Naam) aan te neem

- 15 en dit stem ooreen met die boodskap wat die profete geskryf het:
- 16 'Daarna sal Ek terugkom en die gevalle tent van Dawid weer herbou en wat daarvan vernietig is, sal Ek weer herbou en herstel' ^{Amo 9:11}
- 17 sodat die oorblyfsel van die mense יְהוָה kan soek, uit al die nasies oor wie My (Naam) Karakter en Outoriteit uitgeroep is, sê יְהוָה, wat al hierdie dinge gemaak het.'
- 18 God se werke is van ewigheid af bekend. ^{Num 15:16; Yes 56:1-7}
- 19 As gevolg hiervan sê ek dat ons hulle, wat vanuit die ander nasies na God toe gedraai word, nie verder moet belas nie,
- 20 maar aan hulle skryf dat hulle hul moet afsonder van dié dinge wat deur afgode besoedel is, van alle seksuele immoraliteit, van wat verwurg is en van bloed,
- 21 want van die vroegste geslagte af is daar in elke stad diégene wat Mosheh verkondig terwyl hy elke Shabbat in die bymekaarkomplekke gelees word." ^{Lev 17-19}
- 22 Toe het die afgevaardigdes en die oudstes saam met die hele gemeente manne vanuit hulle gekies en na Antiogea gestuur saam met Sha'ul en Bar-Nabba; naamlik Y'hudah, wat genoem word Bar-Sabba en Silvanus, manne wat leiers onder die broers was.
- 23 Deur hulle hand het hulle dit geskryf: "Die afgevaardigdes, die oudstes en die broers; aan die broers uit die nasies in Antiogea, Sirië en Kilikia: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!
- 24 Ons hoor dat sommige wat vanaf ons uitgegaan het, julle met boodskappe, wat ons hulle nie beveel het nie, ontstel en julle gees omgekrap het deur te sê dat julle die godsdienstige gebruike moet onderhou en besny moet word.
- 25 As gevolg hiervan het ons met een gesindheid besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons vriende, Bar-Nabba en Sha'ul, wat ons lief het.
- 26 Manne wat hulleself oorgegee het ter wille van die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 27 Ons het vir Y'hudah en Silvanus uitgestuur om deur woorde dieselfde dinge te sê,
- 28 want die Gees wat Afgesonderd is en ons het besluit om geen las op julle te lê, behalwe wat nodig is nie: ^{Num 15:16}
- 29 dat julle wegbly van afgodsoffers, van bloed, van wat verwurg is en van alle seksuele immoraliteit. As julle dit streng nakom, sal julle getrou wees in ons Meester."
- 30 Hulle wat uitgestuur is, het in Antiogea gekom en hulle het die mense bymekaargeroep en die brief oorhandig.
- 31 Toe hulle dit gelees het, was hulle verheug en was bemoedig.
- 32 Y'hudah en Silvanus, wat self ook profete was, het die broers met baie boodskappe bemoedig en versterk.
- 33 Nadat hulle 'n tyd daar deurgebring het, het die broers hulle met vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid na die afgevaardigdes laat teruggaan.
- 34 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese Kodeks nie*]
- 35 Sha'ul en Bar-Nabba het in Antiogea gebly en geleer en saam met nog baie ander die boodskap van God verkondig.
- 36 'n Paar dae daarna het Sha'ul vir Bar-Nabba gesê: "Kom ons gaan terug en besoek ons broers in al die stede waarin ons die boodskap van God verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan.

- 37 Bar-Nabba wou vir Yoganan, wat Markos genoem word, saamvat,
38 maar Sha'ul het dit nie reg geag om hóm saam te vat wat hulle van Pamfulia af verlaat het en nie saam met hulle gegaan het nie.
39 As gevolg van hierdie verskil het hulle van mekaar geskei en het Bar-Nabba vir Markos saamgevat en na Kupros geseil,
40 maar Sha'ul het Silvanus gekies en vertrek nadat hy deur die broers aan die onverdiende guns van God opgedra is.
41 Hy het na Sirië en Kilikia gegaan en die gemeentes versterk.

16 1 Hy het ook in Derbe en Lustra gekom waar 'n studentevolgelinge met die naam van Timoteos was, die seun van 'n Joodse vrou, wat vertrou het en sy vader was 'n Arameër.

- 2 Al die studentevolgelinge vanaf Lustra en Ikonion het van hom getuig.
3 Sha'ul wou hê dat hy saam met hom moes gaan en hy het hom gevat en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was, want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Arameër was.
4 Op hulle reis deur die stede het hulle die boodskap verkondig en geleer dat hulle die opdragte wat deur die afgevaardigdes en die oudstes in Yerushalayim vasgestel is, moet gehoorsaam.
5 Hierdeur is die gemeentes versterk in vertroue en hulle het elke dag vermeerder in getal.
6 Hulle het deur die streke van Frugia en Galatikos gegaan en die Gees wat Afgesonderd is, het hulle verbied om in Asië die boodskap te verkondig.
7 Toe hulle by Musia kom, wou hulle na Bithunia gaan, maar die Gees van Yeshua het hulle nie toegelaat nie.
8 Toe hulle van Musia af weggaan, het hulle na die Troas-streek afgegaan.
9 Deur 'n visioen in die nag het daar 'n Makedoniër by Sha'ul gestaan wat hom smeek en sê: "Kom na Makedonia en help ons!"
10 Toe Sha'ul die visioen gesien het, het ons dadelik beplan om na Makedonia te gaan omdat ons oortuig was dat ons Meester ons geroep het om die goeie boodskap aan hulle te verkondig.
11 Ons het vertrek vanaf Troas reguit na Samothrake en die volgende dag by Neapolis gekom
12 en daarvandaan na Filippi, wat die belangrikste stad van daardie deel van Makedonia, 'n Romeinse kolonie, was. Ons het in hierdie stad 'n paar dae deurgebring
13 en op die Shabbat het ons uitgegaan, buitekant die stad, langs 'n rivier, na waar ons 'n huis van gebed gesien het en ons het gaan sit en met die vrou gepraat wat daar bymekaargekom het.
14 'n Sekere vrou met die naam van Ludia, 'n verkoopster van fyn purper van die stad Thuateira, 'n vrou wat God aanbid, het geluister; die Meester het haar verstand, wil en emosie oopgemaak om te reageer op wat Sha'ul gesê het.
15 Nadat sy en die seuns van haar huis gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: "As u oortuig is daarvan dat ek in ons Meester vertrou, kom dan in my huis en bly daar." Sy het ernstig by ons aangedring.

- 16 Terwyl ons op pad was na die huis van gebed, ontmoet ons 'n sekere slavin, met die Piton-gees (luisleng), wat die toekoms kon voorspel, wat vir haar eienaars groot wins ingebring het deur waarsêery.
- 17 Sy het Sha'ul en ons gevolg en uitgeskree en gesê: "Hierdie manne is slawe van Ha-Elyon, (die Allerhoogste God) en hulle verkondig aan julle die pad van lewe."
- 18 Dit het sy vir baie dae lank gedoen en Sha'ul het kwaad geword, hom omgedraai en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die (Naam) Karakter en Outoriteit van Yeshua, dié Gesalfde Een, om uit haar uit te gaan." Hy het op daardie oomblik uitgegaan.
- 19 Toe haar meesters sien dat die hoop van hulle besigheid uit haar uitgaan, het hulle Sha'ul en Silvanus gegryp, hulle na die markplein gesleep
- 20 en hulle voor die regters en hoofde van die stad gebring en gesê: "Hierdie manne bring groot moeilikheid in ons stad omdat hulle van Y'hudah is.
- 21 Hulle verkondig gebruike wat vir ons nie wettig is om aan te neem of te doen nie omdat ons Romeine is.
- 22 'n Groot skare het teen hulle bymekaargekom en die regters het hulle klere laat afskeur en beveel om hulle te gësel.
- 23 Nadat hulle hul baie houe gegee het, het hulle hul in die tronk gegooi en die tronkbewaarder beveel om hulle veilig te bewaak.
- 24 Toe hy só 'n bevel ontvang, het hy hulle in die binneste tronksel gegooi en hulle voete in die houtblok vasgemaak.
- 25 In die middel van die nag was Sha'ul en Silvanus besig om te bid en tot God te sing en die gevangenes het na hulle geluister.
- 26 Skielik kom daar 'n groot aardbewing sodat die fondasies van die tronk geskud het en onmiddellik het al die deure oopgegaan en almal se boeie het losgeval.
- 27 Toe die tronkbewaarder wakker word en hy sien dat die deure van die tronk oop is, het hy 'n swaard gevat en wou homself doodmaak omdat hy gedink het dat die gevangenes ontsnap het,
- 28 maar Sha'ul het met 'n harde stem geroep en gesê: "Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier."
- 29 Hy het 'n lamp aangesteek, na binne gespring en bewend voor Sha'ul en Silvanus neergeval
- 30 en hy het hulle na buite gebring en gesê: "My meesters, wat moet ek doen sodat ek kan lewe?"
- 31 Hulle sê vir hom: "Vertrou in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en jy sal lewe, jy en jou huisgesin."
- 32 Hulle het aan hom die boodskap van יהוה verkondig en aan al die lede van sy huis.
- 33 Daardie tyd van die nag het hy hulle gevat en hulle wonde gewas en hy is dadelik gedoop, hy en al die lede van sy huis.
- 34 Toe bring hy hulle in sy huis en sit vir hulle kos voor en hy het gespring van vreugde, saam met sy hele huisgesin omdat hulle tot vertroue in God gekom het.
- 35 Toe dit dag word, stuur die regters die polisie en sê: "Laat daardie manne los."
- 36 Die tronkbewaarder het die boodskap aan Sha'ul oorgedra: "Die regters het laat weet dat julle losgelaat moet word; gaan dan nou weg en reis in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!"

- 37 Sha'ul sê vir hom: "Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, ons in die tronk gegooi en wil hulle ons nou in die geheim uitstuur? Nee! Laat hulle self kom en ons uitlei."
- 38 Die polisie het hierdie woorde aan die regters oorgedra en dié het bang geword toe hulle hoor dat hulle Romeine is.
- 39 Daarop het hulle gekom en hulle uitgelei met die versoek om uit die stad uit weg te gaan.
- 40 Nadat hulle die tronk verlaat het, het hulle na die huis van Ludia gegaan en hulle het die broers gesien, hulle versterk en weggegaan.
- 17** 1 Hulle het deur Amfipolis en Apollonia gereis en in Thessalonike gekom, waar 'n bymekaarkomplek van die Jode was.
- 2 Volgens sy gewoonte het Sha'ul ingegaan en vir drie Shabbatte lank met hulle uit die Skrifte gepraat
- 3 en dit uitgelê en gewys dat dié Gesalfde Een moes ly en uit die dood uit opstaan en gesê: "Hierdie Yeshua wat ek aan julle verkondig, Hy is dié Gesalfde Een."
- 4 Sommige van hulle is oortuig en het by Sha'ul en Silvanus aangesluit, asook 'n groot getal van die gelowige Grieke en nie min van die belangrike vrouens nie.
- 5 Die Jode was jaloers en het bose manne vanuit die strate saamgevat, 'n skare mense bymekaargemaak en die stad in oproer gebring. Hulle het die huis van Yasoon aangeval en probeer om hulle uit te bring van daar en aan die mense oor te gee.
- 6 Toe hulle hul nie daar kry nie, het hulle Yasoon en die broers wat daar was na die goewerneur gesleep en geskree: "Die mense wat die wêreld in opstand bring, het ook hierheen gekom
- 7 en Yasoon het hulle ontvang en hulle oortree almal die bepalings van die keiser en sê dat daar 'n ander Koning is, naamlik Yeshua."
- 8 Die goewerneur en al die mense was verontrus toe hulle dit gehoor het
- 9 en hulle het borg van Yasoon en die ander ontvang en hulle losgelaat.
- 10 Die broers het dadelik, toe dit nag word, vir beide Sha'ul en Silvanus na Beroia weggestuur en toe hulle daar kom, het hulle in die bymekaarkomplek van die Jode ingegaan.
- 11 Hierdie Jode was meer edel as dié in Thessalonike; hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was.
- 12 Baie van hulle het vertrou, asook baie van die Griekse manne en van die belangrike Griekse vroue!
- 13 Toe die Jode van Thessalonike gehoor het dat die boodskap van God ook in Beroia deur Sha'ul verkondig is, het hulle gekom en nie opgehou om die mense daar op te sweep en te verontrus nie.
- 14 Die broers het toe dadelik vir Sha'ul weggestuur om in die rigting van die see te gaan, maar Silvanus en Timoteos het daar gebly.
- 15 Hulle wat saam met Sha'ul gegaan het, het saam met hom tot by Athenai gegaan en nadat hulle 'n brief van hom ontvang het aan Silvanus en Timoteos om so gou as moontlik na hom toe te kom, het hulle vertrek.

- 16 Terwyl Sha'ul in Athenai vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die hele stad vol afgode was.
- 17 Hy het elke dag in die bymekaarkomplek met die Jode en met die godsdienstige mense gepraat en op die mark met dié wat hom ontmoet.
- 18 Sommige van die volgelingen van Epikourios en die Stoikos filosowe, het met hom gedebatteer. Sommige het gesê: "Wat probeer hierdie storiemaker tog sê?" Ander weer: "Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode" omdat hy aan hulle die goeie boodskap van Yeshua en Sy opstanding verkondig het.
- 19 Hulle het hom gevat na die plek van oordeel, wat genoem word: Arios-Pagos (Rots van Ares - Marsheuwel) en gesê: "Ons wil weet wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word?"
- 20 Jy het vreemde woorde in ons gehoor gesaai en ons wil weet wat hierdie dinge is."
- 21 Al die Atheners en die vreemdelinge wat by hulle gewoon het, het al hulle vrye tyd gebruik om te praat of te luister na iets nuuts.
- 22 Sha'ul het opgestaan op die Rots van Ares en gesê: "Manne van Athenai, ek sien dat julle in elke opsig uitblink in die aanbidding van demone.
- 23 Terwyl ek geloop het en die plekke van julle aanbidding gesien het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: 'Aan 'n onbekende god'. Hom wat julle dan aanbid en nie ken nie; Hom verkondig ek aan julle.
- 24 Die God wat die heelal gemaak het en alles wat daarin is, Hy is Meester van die hemele en van die aarde; Hy woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie;
- 25 ook word Hy nie deur mensehande gedien en het Hy niks nodig nie omdat Hy self aan almal gees en lewe gee.
- 26 Hy het uit een bloed die hele mensdom op die aarde gemaak, ^{Gen 3:20; Mal 2:10} om oor die hele aarde te bly terwyl Hy vooraf bepaalde tye in Sy opdragte uitgestip en grense vir hulle lewe vasgestel het
- 27 sodat hulle God kon soek en navraag doen en Hom deur Sy skepping kon vind, want Hy is nie ver van elkeen van ons af nie, ^{Rom 1:20}
- 28 want deur Hom het ons lewe, beweeg ons en bestaan ons, soos sommige van julle wyses ook gesê het: 'Ons is van Sy nageslag.'
- 29 As ons dan die nageslag van God is, kan ons mos nie dink dat God aan goud, silwer en steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.
- 30 God het die tye van misleiding verban en beveel nou alle mense dat elkeen op elke plek moet erken en bely en wegdraai van die sonde na God toe
- 31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in onpartydige opregtheid sal oordeel deur die Man wat Hy aangestel het en Hy het Sy vertrouenswaardigheid aan almal bewys, deur Hom uit die dood uit te laat opstaan."
- 32 Toe hulle van die opstanding uit die dood hoor, het sommige begin spot en ander het gesê: "Ons sal u op 'n ander tyd daaroor hoor."
- 33 So het Sha'ul van hulle af weggegaan,
- 34 maar sommige manne het by hom aangesluit en vertrou, onder wie ook Dionusios, die Aresraadslid, 'n vrou met die naam van Damaris en ander saam met hulle.

- 18** 1 Toe Sha'ul uit Athenai weggegaan het, het hy in Korinthus gekom,
 2 waar hy 'n Jood gevind het met die naam van Akulas, afkomstig van Pontos, wat onlangs, met sy vrou Priskilla, vanaf Italië gekom het omdat keiser Klaudios beveel het dat al die Jode Rome moes verlaat. Hy het hulle besoek
 3 en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers.
 4 Hy het elke Shabbat in die bymekaarkomplek gepraat en Jode, sowel as nie-Jode, oortuig.
 5 Toe Silvanus en Timoteos vanaf Makedonia gekom het, was Sha'ul verhinder in die boodskap omdat die Jode teen hom gestaan het en kwaadgepraat het toe hy getuig het dat Yeshua dié Gesalfde Een is.
 6 Hy het sy klere afgeskud en vir hulle gesê: “Van nou af is ek skoon daarvan; ek gaan na die ander nasies toe.”
 7 Hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van 'n man met die naam van Titus, wat God aanbid het, wie se huis langs die bymekaarkomplek was.
 8 Krispos, die leier van die bymekaarkomplek, saam met sy hele huisgesin, het in ons Meester vertrou, asook baie van die Korintheërs, wat gehoor het, het vertrou en is gedoop.
 9 יהודה het in die nag, deur 'n visioen, aan Sha'ul gesê: “Moenie bang wees nie, maar hou aan praat en moenie stilbly nie,
 10 want Ek is by jou en niemand kan jou kwaad aandoen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.”
 11 Hy het 'n jaar en ses maande lank in Korinthus gebly en vir hulle die boodskap van God geleer.
 12 Toe Gallioon goewerneur van Agaia was, het die Jode soos een man teen Sha'ul opgestaan en hom voor die regbank gebring
 13 en gesê: “Hierdie man oortuig die mense om God te aanbid op wyses buite die wet.”
 14 Toe Sha'ul versoek het om sy mond oop te maak en te praat, sê Gallioon vir die Jode: “As dit 'n beskuldiging van boosheid of bedrog of haatlikheid was, dan sou ek rede hê om julle te ontvang, o Jode,
 15 maar as die aanklag is oor 'n boodskap of oor name of oor julle wet, moet julle toesien, want ek gaan nie oor hierdie sake oordeel nie.”
 16 Hy het hulle voor die regbank weggejaag
 17 en al die nie-Jode het vir Sosthenes, die leier van die bymekaarkomplek, gegryp en hom voor die hof geslaan en Gallioon het dit gesien.
 18 Nadat Sha'ul baie dae daar gebly het, het hy die broers gegroet en saam met Priskilla en Akulas na Sirië weggesail. In Kengrai het hy sy hare geskeer, as gevolg van 'n gelofte wat hy aan homself gemaak het.
 19 Hy het in Efesos aangekom en Sha'ul het in die bymekaarkomplek ingegaan, met die Jode gepraat
 20 en hulle het gevra dat hy langer by hulle moes bly. Hy het nie ingestem nie

- 21 en hulle toe gegroet en gesê: “Dit is, soos altyd, nodig vir my om die opkomende fees in Yerushalayim te vier en as God wil, sal ek weer na julle toe terugkom.” Hy het Akulas en Priskilla in Efesos agtergelaat
- 22 en het per see in Kaisareia aangekom, opgegaan en die gemeente gegroet en gereis na Antiogea.
- 23 Nadat hy 'n redelike tyd lank gebly het, het hy vertrek en een na die ander na die streke van Frugia en van Galatia gereis en al die studentevolginge versterk.
- 24 'n Joodse man met die naam van Apollos, wat in Alexandreia gebore is, 'n welsprekende man, bekend met die skrifte en onderrig in die Woord, het in Efesos aangekom.
- 25 Hy is opgelei in die pad van יהוה en, vurig van gees, het hy volledig aangaande Yeshua gepraat en geleer, maar het nog net van die doop van Yoganan geweet.
- 26 Hy het openlik en reguit in die bymekaarkomplek begin praat, maar nadat Akulas en Priskilla hom gehoor het, het hulle hom gevat en hom die pad van יהוה volledig uitgelê.
- 27 Toe hy na Agaia wou gaan, het hulle die broers aangemoedig en aan die studentevolginge geskryf om hom te ontvang. Daar aangekom, het hy al die studentevolginge baie gehelp deur onverdiende guns,
- 28 want hy het in die openbaar kragtig lering gegee teenoor die Jode terwyl hy deur die Skrifte gewys het dat Yeshua dié Gesalfde Een is.

- 19** 1 Terwyl Apollos in Korinthos was, het Sha'ul deur die boonste gebiede gereis en in Efesos gekom waar hy 'n paar studentevolginge gevra het:
- 2 “Het julle die Gees wat Afgesonderd is, ontvang toe julle tot vertroue gekom het?” Hulle antwoord hom: “Ons het nog nie eens gehoor dat daar 'n Gees wat Afgesonderd is, is nie.”
- 3 Hy vra vir hulle: “In watter doop is julle dan gedoop?” Hulle antwoord: “In die doop van Yoganan.”
- 4 Sha'ul sê vir hulle: “Yoganan het gedoop in die doop van berou oor en wegdraai van die sonde en aan die mense gesê dat hulle moes vertrou in die Een wat ná hom kom, dit is, in dié Gesalfde Een, Yeshua.” ^{Luk 3:3}
- 5 Toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een
- 6 en Sha'ul het hulle die hand opgelê en die Gees wat Afgesonderd is, het op hulle gekom en hulle het in verskeie tale gepraat en geprofeteer.
- 7 Hulle was twaalf manne.
- 8 Sha'ul het in die bymekaarkomplek ingegaan en vrymoediglik vir drie maande met hulle geredeneer en hulle oortuig van die Koninkryk van God,
- 9 maar toe sommige hulle verhard en nie vertrou nie en voor die mense aanhou kwaadpraat van ‘die Pad van God’, het hy van hulle af onttrek en elke dag met die studentevolginge afsonderlik besprekings gehou in die skool van 'n sekere Turannos.
- 10 Dit het twee jaar lank aangehou totdat almal wat in Asië gebly het die boodskap van יהוה gehoor het, Arameërs, sowel as Jode.

- 11 God het baie wonderwerke deur die hande van Sha'ul gedoen
12 sodat selfs wanneer handdoeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle af weggegaan en demone uit hulle uitgegaan het.
13 Sommige van die rondreisende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van ons Meester, Yeshua, te noem oor die wat bose geeste gehad het en te sê: "Ons dryf jou uit in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die Yeshua wat Sha'ul verkondig!"
14 Dit is deur sewe seuns van 'n sekere Skevas, 'n Joodse leierpriester, gedoen,
15 maar hierdie bose demoon het geantwoord en gesê: "Yeshua ken ek en Sha'ul ken ek, maar julle, wie is julle?"
16 Toe spring die man, in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en gooi hulle neer sodat hulle kaal en gewond uit daardie huis weggevlug het.
17 Dit het bekend geword aan al die Jode en Arameërs wat in Efesos bly, vrees het op hulle almal gekom en die Karakter en Outoriteit van die Meester, Yeshua, is grootgemaak.
18 Baie van die wat vertrou het, het gekom en erken wat hulle gedoen het en dat dit verkeerd was;
19 heelwat van die wat met towery omgegaan het, het die boekrolle saamgebring en voor almal verbrand en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwer stukke was.
20 So het die vertroue in God kragtig in krag gegroei.
21 Toe hierdie dinge verby was, het Sha'ul in sy gedagtes besluit om na Makedonia en Agaia te gaan en dan na Yerushalayim. Hy het gesê: "Nadat ek daar was, is dit nodig dat ek Rome ook sien."
22 Toe stuur hy twee van sy helpers, Timoteos en Erastos, na Makedonia terwyl hy self nog 'n tyd lank in Asië bly.
23 Daardie tyd het daar 'n groot opskudding gekom oor 'die Pad van God',
24 want iemand met die naam van Demetrios, 'n silwersmid, maker van silwer tempeltjies van Artemis, het vir die ambagsmanne 'n aansienlike inkomste voorsien.
25 Toe hy hulle, asook werkers in dieselfde bedrywe, bymekaargeroep het, sê hy: "Manne, julle weet dat ons winste alles uit hierdie besigheid is
26 en julle sien en hoor dat nie alleen in Efesos nie, maar byna in die hele Asië, hierdie Sha'ul baie mense oortuig en laat wegdraai het deur te sê dat dit wat met hande gemaak word, geen gode is nie.
27 Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie ambag van ons verag sal word nie, maar ook dat die tempel van die groot godin, Artemis, as minder gereken sal word en dat haar wonderlikheid, wat deur die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, verag sal word."
28 Toe hulle dit hoor, is hulle met woede vervul en het geskree en gesê: "Groot is Artemis van die Efesiërs!"
29 Daarop raak die hele stad in oproer en hulle storm soos een man na die teater en sleep vir Gaios en Aristargos, manne van Makedonia wat saam met Sha'ul gereis het, saam.
30 Toe Sha'ul tussen die mense wou ingaan, het die studentevolginge hom gekeer.

- 31 Leiers van Asië, wat sy vriende was, het ook 'n boodskap vir hom gestuur en hom versoek dat hy nie in die teater moes ingaan nie.
- 32 Die skare het deurmekaar geskree, sommige dit en ander dat, want hulle was deurmekaar en die meeste het nie geweet waarom hulle bymekaargekom het nie,
- 33 maar die Jode het Alexandros vanuit die mense vorentoe gestoot en Alexandros het met die hand 'n teken gegee en wou hom by die mense verdedig.
- 34 Toe hulle herken dat hy 'n Jood is, gaan daar een geroep van almal op terwyl hulle omtrent twee ure lank skree: "Groot is Artemis van die Efesiërs!"
- 35 Die stadsklerk het die skare stilgemaak en gesê: "Efesiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efesiërs die dienaars is van die groot godin Artemis en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?"
- 36 Terwyl dit dan nie weerspreek kan word nie, behoort julle rustig te word en niks haastigs te doen nie,
- 37 want julle het hierdie manne gebring, wat nie tempelrowers is nie en ook nie kwaad gepraat het teen julle godin nie.
- 38 As Demetrios en sy ambagsmanne dan 'n saak teen iemand het, die hofsittings word gehou en daar is regters: laat hulle mekaar aankla,
- 39 maar as julle nog iets anders verlang, sal dit in die wettige vergadering besluit word,
- 40 want ons loop gevaar om oor die oproer van vandag tot verantwoording geroep te word, aangesien daar geen grond is waarop ons sal kan rekenskap gee van hierdie deurmekaarspul nie."
- 41 Met hierdie woorde het hy die skare laat gaan.

- 20** 1 Nadat die oproer verby was, het Sha'ul die studentevolgelinge na hom toe laat kom, hulle vertroos, gesoen en na Makedonia vertrek.
- 2 Nadat hy deur daardie streke gegaan en hy hulle met baie boodskappe bemoedig het, het hy in Griekeland gekom,
- 3 waar hy drie maande gebly het. Toe die Jode teen hom saamgesweer het terwyl hy juis na Sirië wou afvaar, het hy besluit om deur Makedonia terug te gaan.
- 4 Tot in Asië het Sopatros van Beroia, hulle van Thessalonike, Aristargos en Sekundos, Timoteos en Gaios van Derbe, saam met hom gegaan, maar Tugikos en Trofimos, vanuit Asië,
- 5 het vooruitgegaan en in Troas op ons gewag.
- 6 Ná die 'Dae van die Ongesuurde Brode' het ons van Filippi af geseil en in vyf dae by hulle in Troas gekom, waar ons sewe dae lank gebly het.
- 7 Op die eerste dag van die week, toe ons vergader het om die brood van Yeshua se herdenking te breek, het Sha'ul met hulle gepraat en omdat hy die volgende dag sou vertrek, het hy sy boodskap verleng tot middernag toe.
- 8 Daar was baie lampe wat gebrand het in die boonste vertrek waar ons bymekaargekom het
- 9 en 'n jongman met die naam van Eutugos het in die venster gesit en luister en is oorval met 'n diep slaap toe Sha'ul nog lank gepraat het en in sy slaap het hy vanaf die derde verdieping geval en is dood opgetel.

- 10 Toe gaan Sha'ul ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: "Moenie verontrus wees nie, want sy gees is in hom."
- 11 Hy het toe boontoe gegaan, brood gebreek en geëet en nadat hy nog 'n geruime tyd gepraat het; tot dagbreek toe; het hy vertrek.
- 12 Hulle het die seun lewend huis toe geneem en hulle saam met hom verheug,
- 13 maar ons het vooruit op die skip gegaan en afgevaar na Assos, waar ons van plan was om Sha'ul aan boord te neem, want so het hy dit beplan omdat hy self te voet wou gaan.
- 14 Toe hy ons dan in Assos ontmoet, het ons hom aan boord geneem en by Mitulene gekom.
- 15 Die volgende dag het ons van daar af weggevaar en teenoor Gios gekom en die dag daarna na Samos oorgevaar en in Trogullion oorgebly en die dag daarop by Miletos gekom,
- 16 want Sha'ul het besluit om by Efesos verby te vaar sodat hy nie in Asië tyd sou spandeer nie, want hy het gou gemaak om, as dit vir hom moontlik was, die 'Fees van Weke' (Shavu'ot) in Yerushalayim te vier.
- 17 Hy het van Miletos af na Efesos gestuur en die oudstes van die gemeente laat roep.
- 18 Toe hulle by hom kom, sê hy vir hulle: "Julle weet self hoe ek, van die eerste dag dat ek in Asië aangekom het, die hele tyd by julle was
- 19 as slaaf vir God, met alle nederigheid, baie trane en toetse wat oor my gekom het deur die samewerings van die Jode.
- 20 Ek het niks, wat goed vir julle gees is, nagelaat om aan julle te verkondig en julle te leer in die openbaar en in julle huise, nie
- 21 terwyl ek teenoor die Jode, sowel as die Arameërs, getuig het om terug te draai huis toe: wat in die Teenwoordigheid van God is en na vertroue: wat in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een is.
- 22 Nou gaan ek gebind deur die Gees na Yerushalayim en wat my daar sal oorkom, weet ek nie,
- 23 behalwe dat die Gees wat Afgesonderd is in elke stad getuig en sê dat kettings en vervolging vir my voorberei word.
- 24 Ek beskou nie my lewe vir myself as iets nie ^{Yog 10:17,18} sodat ek my wedloop en die dienswerk wat ek van ons Meester Yeshua ontvang het, om te getuig van die goeie boodskap van die onverdiende guns van God, kan voltooi.
- 25 Nou weet ek dat niemand van julle onder wie ek rondgegaan en die Koninkryk verkondig het, my gesig weer sal sien nie;
- 26 daarom getuig ek teenoor julle vandag dat ek skoon is van elkeen van julle se bloed, ^{Yeg 3:18,19; 33:6,7}
- 27 want ek het nie nagelaat om aan julle die hele wil van God te wys nie.
- 28 Gee dan aandag aan julleself en aan die hele kudde waaroor die Gees wat Afgesonderd is julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van die Gesalfde Een te versorg, wat Hy met Sy bloed gekoop het.
- 29 Ek weet dat ná my vertrek, kragtige wolwe onder julle sal inkom wat geen omgee vir die kudde het nie. ^{Yog 10:13}

- 30 Uit julleself sal daar manne opstaan wat verdraaide dinge praat om die studentevolgelinge weg te trek agter hulle aan;
- 31 daarom moet julle waaksaam wees en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om een en almal met trane te waarsku nie.
- 32 Nou, broers, dra ek julle op aan God en aan die boodskap van Sy onverdiende guns, wat in staat is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee saam met al die afgesonderdes.
- 33 Silwer, goud of klere het ek nie begeer nie,
- 34 maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in my en die wat by my was, se behoeftes.
- 35 Ek het julle in alles gewys dat ons, deur so te werk, die swakkes moet help en die boodskap van ons Meester Yeshua moet onthou, dat Hy gesê het: 'Sy seën is vir hom wat gee, meer as vir hom wat ontvang'."
- 36 Nadat hy dit gesê het, het hy gekniel en saam met almal wat by hom was, gebid.
- 37 Almal het baie gehuil en Sha'ul om die nek geval en hom gesoen,
- 38 al te meer bedroef oor die boodskap wat hy gebring het dat hulle sy gesig nie weer sou sien nie en hulle het hom tot by die skip begelei.

- 21** 1 Ons het van hulle afskeid geneem en reguit koers gehou na Kos toe; die volgende dag het ons by Rhodos gekom en daarna by Patara,
- 2 waar ons 'n skip gekry het wat na Foinike sou seil en daarop geklim en weggevaar.
- 3 Toe het ons Kupros aan die linkerkant verbygegaan, na Sirië gevaar en by Tzor geland, want daar sou die skip sy vrag aflaai.
- 4 Toe ons studentevolgelinge daar vind, het ons sewe dae lank daar gebly en hulle het elke dag vir Sha'ul deur die Gees gesê om nie na Yerushalayim te gaan nie,
- 5 maar aan die einde van die tydperk, het ons op die pad uitgegaan om verder te reis terwyl almal, met vroue en seuns, saam met ons tot buitekant die stad gegaan het, op die strand gekniel en gebid het.
- 6 Ons het mekaar gesoen, aan boord die skip gegaan en hulle het teruggegaan huis toe.
- 7 Ons het vanaf Tzor gevaar en by 'Akko (Ptolemais) gekom en ons het groete aan die broers oorgedra en een dag by hulle gebly.
- 8 Die volgende dag het ons vertrek en in Kaisareia aangekom. Ons het ingegaan in die huis van Filippos, die verkondiger van die goeie boodskap, wat een van die sewe was en by hom gebly. ^{Hand 6:5}
- 9 Hy het vier ongetroude dogters gehad wat geprofeteer het.
- 10 Nadat ons reeds 'n geruime tyd daar oorgebly het, het 'n profeet met die naam van Agav vanaf Y'hudah gekom
- 11 en hy het by ons gekom en Sha'ul se leer gordel gevat en sy eie hande en voete vasgebind en gesê: "Dit sê die Gees wat Afgesonderd is: so sal die Y'hudahiete die man wie se leer gordel hierdie is, in Yerushalayim vasbind en in die hande van die ander nasies oorgee."
- 12 Toe ons dit hoor, het ons saam met die mense van die plek by hom aangedring om nie op te gaan na Yerushalayim nie,

- 13 maar Sha'ul het geantwoord: "Wat doen julle deur te huil en my gedagtes, wil en emosie te verkrummel? Ek is bereid om nie alleen gebind te word nie, maar ook om in Yerushalayim dood te gaan ter wille van die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een!"
- 14 Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons stil en het gesê: "Laat dit wees volgens die wil van ons Meester!"
- 15 Ná hierdie tyd het ons voorberei om na Yerushalayim op te gaan
- 16 en van die studentevolgelinge van Kaisareia het ook saam met ons gegaan en ons by 'n sekere Mnason van Kupros gebring, een van die eerste studentevolgelinge, om ons in sy huis te ontvang.
- 17 Toe ons in Yerushalayim kom, het die broers ons met blydschap ontvang
- 18 en die volgende dag het Sha'ul saam met ons na Ya'akov se huis gegaan en al die oudstes was daar bymekaar.
- 19 Nadat ons groete oorgedra het, het hy alles vertel wat God onder die ander nasies deur sy bediening gedoen het.
- 20 Toe hulle dit hoor, het hulle God geloof en vir hom gesê: "Jy sien, broer, hoeveel tienduisendtalle Jode daar is wat tot vertrouwe gekom het en almal is ywerig vir die wet.
- 21 Dit is, aangaande jou, aan hulle vertel dat jy al die Jode onder die ander nasies leer om hulle af te sonder van Mosheh deur te sê dat hulle hul seuns nie moet besny nie en ook nie volgens die gebruike van die wet moet leef nie.
- 22 Omdat hierdie dinge deur hulle wat hierheen kom, gehoor is,
- 23 doen dan wat ons vir jou sê. Ons het vier manne wat 'n gelofte gedoen het tot reinheid;
- 24 wat hulle en reinig jou saam met hulle en betaal die kostes vir hulle sodat hulle hul koppe kan skeer en almal kan weet dat daar niks, in wat van jou vertel word, is nie, maar dat jy self ook die wet uitvoer en gehoorsaam.
- 25 Aangaande die wat vertrou uit die ander nasies het ons geskryf en besluit dat hulle hulle moet weghou van afgodsoffers, van seksuele immoraliteit, van bloed en van wat verwurg is."
- 26 Toe het Sha'ul die manne gevat en op die volgende dag hom saam met hulle gereinig en in die tempel gegaan om bekend te maak tot wanneer die dae van die reiniging sou aanhou en die offer vir elkeen van hulle gebring moes word.
- 27 Toe die sewende dag aanbreek, het die Jode van Asië hom in die tempel gesien en al die mense opgesweep en die hande aan hom geslaan
- 28 en geskree: "Manne van Yisra'el, help! Dit is die man wat in al die plekke aan almal dinge leer teen ons mense, die wet en hierdie plek. Hy het ook nie-Jode in die tempel ingebring en hierdie afgesonderde plek onrein gemaak,
- 29 want hulle het Trofimos, die Efesiër, vantevore in die stad by hom gesien en gedink dat Sha'ul hom in die tempel ingebring het.
- 30 Toe kom die hele stad in oproer en die mense het gehardloop en vir Sha'ul gegryp en hom uit die tempel uitgesleep en dadelik die deure gesluit,
- 31 maar terwyl hulle probeer het om hom dood te maak, het 'n berig, dat die hele stad in oproer is, die bevelvoerder oor 'n duisend van die Romeinse bataljon bereik.

- 32 Hy het dadelik soldate en kapteins oor honderd geneem en afgehardloop na hulle en toe hulle die bevelvoerder oor 'n duisend en die soldate sien, het hulle opgehou om Sha'ul te slaan.
- 33 Daarop kom die bevelvoerder oor 'n duisend nader en neem hom gevange en beveel dat hy met twee kettings vasgebind moet word en het gevra wie hy was en wat hy gedoen het,
- 34 maar onder die skare het sommige dit en sommige iets anders geskree en omdat hy weens hulle geskree geen sekerheid kon verkry wat die waarheid is nie, het hy bevel gegee dat hy na die kamp gebring moes word.
- 35 Toe hy op die trappe kom, moes hy deur die soldate gedra word weens die aggressie van die mense,
- 36 want al die mense het gevolg en geskree: "Hang hom!"
- 37 Net voor hy in die kamp ingebring sou word, vra Sha'ul die bevelvoerder oor 'n duisend: "Is dit my geoorloof om vir u iets te sê?" Hy sê vir hom: "Ken jy Grieks?"
- 38 Is jy dan nie die man van Mitzrayim wat 'n tyd gelede oproer gemaak het en die vier duisend booswigte na die woestyn toe uitgelei het nie?"
- 39 Sha'ul antwoord: "Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n belangrike stad in Kilikia, waar ek gebore is en ek versoek u om my toe te laat om met die mense te praat."
- 40 Toe hy toestemming gee, gaan Sha'ul op die trappe staan en wys met die hand vir die mense en nadat hulle stil was, het hy met hulle in Aramees gepraat en vir hulle gesê:

22 1 "Broers en vaders, luister nou na my verdediging teenoor julle!"

- 2 Toe hulle hoor dat hy met hulle in Aramees praat, was hulle nog stiller en hy sê:
- 3 "Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus van Kilikia, maar het groot geword in hierdie stad, opgevoed aan die voete van Gamali'el, streng volgens die wette (instruksies) van ons vaders. Ywerig vir God, net soos julle almal vandag is;
- 4 wat hierdie manier van lewe vervolg het tot die dood toe en manne, asook vroue, geboei en aan tronke oorgegee het,
- 5 soos ook die hoofpriester en die hele raad van oudstes my getuies is, van wie ek ook briewe aan die broers in Dammesek ontvang het sodat ek ook daar, dié wat daar was, geboeid na Yerushalayim kon bring sodat hulle met die dood gestraf kon word.
- 6 Terwyl ek op pad was naby Dammesek, het daar op die middaguur skielik 'n helder lig uit die hemel om my geskyn
- 7 en ek het op die grond geval en 'n stem vir my hoor sê: 'Sha'ul, Sha'ul, waarom vervolg jy My?'
- 8 Ek het geantwoord en gesê: 'Wie is U, my Meester?' Hy het vir my gesê: 'Ek is Yeshua, van Natzeret, wat jy vervolg.'
- 9 Die manne wat saam met my was, het die helder lig gesien, maar die stem van Hom wat met my gepraat het, nie verstaan nie.
- 10 Ek het gesê: 'Wat moet ek doen, my Meester?' Ons Meester het vir my gesê: 'Staan op, gaan na Dammesek en daar sal vir jou gesê word alles wat jou opdragte is om te doen.'

- 11 Toe ek weens die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van daardie Lig nie kon sien nie, is ek deur dié wat saam met my was by die hand gelei en het in Dammesek gekom.
- 12 'n Sekere Gananyah, 'n opregte en onpartydige man volgens die wet, wat 'n goeie getuienis gehad het by al die Jode wat daar bly,
- 13 het na my toe gekom en vir my gesê: 'Sha'ul, broer, maak oop jou oë!' Op dieselfde oomblik is my oë oopgemaak en ek het gesien.
- 14 Toe het hy gesê: 'Die God van ons vaders ^{Eks 3:15} het jou gekies om Sy wil te ken en die Onskuldige Een ^{Yes 53:11} te sien en die stem uit Sy mond te hoor
- 15 en jy sal by al die mense vir Hom 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.
- 16 Nou, waarom wag jy? Staan op, word gedoop en wees gereinig van jou sondes terwyl jy jou op Sy Karakter en Outoriteit beroep.'
- 17 Ek het teruggekom na Yerushalayim en het in die tempel gebid
- 18 en ek het Hom in 'n visioen gesien en Hy het vir my gesê: 'Maak gou en gaan haastig uit Yerushalayim uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanvaar nie.'
- 19 Ek het gesê: 'My Meester, hulle weet self dat ek besig was om die wat in U vertrou, in die tronk te gooi en in die vergaderplekke te slaan
- 20 en toe die bloed van Stefanos, U getuie, vergiet is, het ek ook self bygestaan en sy moord goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het.'
- 21 Hy het vir my gesê: 'Gaan, want Ek stuur jou ver weg na die ander nasies'.'
- 22 Tot hiertoe het hulle na hom geluister; toe lig hulle hul stemme en sê: "Weg van die aarde af met so 'n mens, want dit is nie reg vir hom om te lewe nie!"
- 23 Hulle het geskree, hulle klere rondgewaai en stof deur die lug gegooi.
- 24 Die bevelvoerder oor 'n duisend beveel toe dat hy in die kamp ingebring moes word en het gesê dat hulle hom met sweeplae moes ondersoek sodat hy kon uitvind om watter rede hulle so teen hom skree,
- 25 maar terwyl hulle hom met die bande uitrek, sê Sha'ul vir die kaptein oor honderd wat daar staan: "Is dit wettig om 'n Romeinse burger, dit sonder 'n hofsak, met 'n sweep te slaan?"
- 26 Toe die kaptein oor honderd dit hoor, gaan vertel hy dit vir die bevelvoerder oor 'n duisend en sê: "Wat doen u, want hierdie man is 'n Romein?"
- 27 Die bevelvoerder oor 'n duisend het na hom toe gekom en gevra: "Sê vir my of jy 'n Romein is?" Hy antwoord: "Ja."
- 28 Toe sê die owerste oor 'n duisend: "Ek het hierdie burgerskap vir 'n groot bedrag bekom!" Sha'ul sê vir hom: "Ek is dit egter deur geboorte."
- 29 Die wat hom sou ondersoek, het hom dadelik losgemaak en die bevelvoerder oor 'n duisend was ook bang omdat hy nou geweet het dat hy 'n Romein was en hy hom vasgebind het.
- 30 Die volgende dag wou hy met sekerheid weet waarvan hy deur die Jode beskuldig is en hy het hom van sy boeie losgemaak en beveel dat die leierpriesters en hulle hele raad moes vergader en hy het Sha'ul afgebring en voor hulle laat staan.

- 23 1 Sha'ul het die vergadering stip aangekyk en gesê: “Broers, ek het met 'n volkome goeie gewete voor God geleef tot op hierdie dag.”
- 2 Die hoofpriester, Gananyah, het dié wat langs hom staan, beveel om hom op die mond te slaan.
- 3 Toe sê Sha'ul vir hom: “God sal jou slaan, wit gewaste muur! Jy sit om my volgens die wet te beoordeel en beveel jy, in stryd met die wet, dat ek geslaan moet word?”
- 4 Die wat langs hom staan, sê: “Beskuldig jy die priester van God?”
- 5 Sha'ul sê: “Ek het nie geweet, broers, dat hy priester is nie, want daar staan geskrywe: ‘Van 'n heerser van jou mense mag jy nie kwaad praat nie.’” Eks 22:28
- 6 Toe Sha'ul besef dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: “Broers, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër en oor die versekerde verwagting van die opstanding van die wat dood is, word ek geoordeel.”
- 7 Toe hy dit sê, het daar 'n stryery ontstaan tussen die Fariseërs en die Sadduseërs en die mense het verdeeld geraak,
- 8 want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie en ook geen boodskapper of gees nie, maar die Fariseërs bely dit alles.
- 9 Daar was 'n groot geraas en die leraars van die wet, van die party van die Fariseërs, het opgestaan en met hulle geargumenteer en gesê: “Ons vind geen boosheid in hierdie man nie en as 'n gees of 'n boodskapper met hom gepraat het, wat daarvan?”
- 10 Toe daar 'n groot stryery ontstaan het en die bevelvoerder oor 'n duisend bang was dat Sha'ul deur hulle verskeur sou word, het hy die Romeinse soldate beveel om te gaan en hom met geweld weg te neem onder hulle uit en in die kamp in te bring.
- 11 Toe dit nag was, het ons Meester by Sha'ul gestaan en gesê: “Wees sterk, want net soos jy aangaande My in Yerushalayim getuig het, net so moet jy ook in Rome getuig.”
- 12 Met dagbreek het sommige van die Jode bymekaargekom en hulleself met 'n eed verbind deur te sê dat hulle nie sou eet of drink voordat hulle Sha'ul doodgemaak het nie.
- 13 Daar was meer as veertig wat hierdie verbond met 'n eed gesweer het.
- 14 Hulle het na die priesters en die oudstes toe gegaan en gesê: “Ons het ons met 'n eed tot vervloeking verbind om niks te eet totdat ons Sha'ul doodgemaak het nie.
- 15 Vra nou, saam met die leiers van die Raad, aan die bevelvoerder oor 'n duisend om hom môre af te bring na u toe, asof u sy optrede noukeuriger wil ondersoek en ons is gereed om hom dood te maak voordat hy by u kom.”
- 16 Die seun van Sha'ul se suster het van die hinderlaag gehoor en het in die kamp ingegaan en dit aan Sha'ul vertel.
- 17 Sha'ul het een van die kapteins oor 'n honderd nader geroep en gesê: “Vat hierdie jongman na die bevelvoerder oor 'n duisend, want hy het iets om hom te vertel.”
- 18 Daarop vat hy hom saam en bring hom by die bevelvoerder oor 'n duisend en sê: “Die gevangene, Sha'ul, het my geroep en gevra om hierdie jongman na u toe te bring omdat hy iets het om aan u te vertel.”

- 19 Daarop vat die bevelvoerder oor 'n duisend hom by die hand en gaan eenkant toe en vra: "Wat het jy om aan my te vertel?"
- 20 Die jongman sê vir hom: "Die Jode het ooreengekom om u te vra om Sha'ul môre af te bring na die Raad, asof hulle hom meer noukeurig wil ondervra.
- 21 U moet hulle nie vertrou nie, want let op, meer as veertig man onder hulle, wat hulleself met 'n eed verbind het om nie te eet of te drink totdat hulle hom dood gemaak het nie, lê hom voor en let op, hulle is nou gereed en wag op u belofte."
- 22 Die bevelvoerder oor 'n duisend het die jongman laat gaan en hom beveel: "Vertel aan niemand dat jy my ingelig het nie."
- 23 Hy het twee van die kapteins oor 'n honderd na hom toe geroep en gesê: "Kry twee honderd soldate en sewentig ruiters en twee honderd regshandige skuts, gereed om die derde uur (nege-uur die aand) vanaand na Kaisareia te gaan,
- 24 asook pakdiere sodat hulle Sha'ul daarop kan sit en veilig deurkry na Felix, die goewerneur."
- 25 Hy het in 'n brief, wat hy vir hulle wat by hom was, gegee het, as volg geskryf:
- 26 "Klaudios Lusias aan die hoogede goewerneur Felix: Groete!
- 27 Hierdie man is deur die Jode gevang om hom dood te maak en ek het hom met die soldate gehelp en hom gered toe ek verneem dat hy 'n Romein is.
- 28 Toe ek te wete wou kom wat die aanklag was waarvan hulle hom beskuldig, het ek hom na hulle Raad afgebring
- 29 en uitgevind dat hy beskuldig word oor strydvrage van hulle wet, maar dat hy nie aangekla word van iets wat die dood of gevangenskap verdien nie.
- 30 Omdat aan my gerapporteer is dat daar 'n komplot teen die man gesmee word deur die Jode, het ek hom dadelik na u gestuur en ook sy aanklaers gevra om, wat hulle teen hom het, voor u te bring. Gesondheid!"
- 31 Daarop het die soldate vir Sha'ul gevat, soos hulle beveel is en hom in die nag na Antipatris gebring.
- 32 Die volgende dag het die ruiters die voetsoldate teruggestuur kamp toe
- 33 en hulle het hom afgebring na Kaisareia toe, die brief aan die goewerneur oorhandig en Sha'ul voor hom gebring.
- 34 Toe die goewerneur die brief lees, vra hy uit watter provinsie hy was en toe hy verneem dat hy uit Kilikia is,
- 35 sê hy vir hom: "Ek sal jou aanhoor wanneer jou aanklaers ook aangekom het." Toe gee hy bevel dat hy in die paleis van Herodes bewaak moes word.
- 24** 1 Na vyf dae het die hoofpriester, Gananyah, die oudstes en 'n sekere advokaat, Tertullos, afgekom en hulle saak teen Sha'ul by die goewerneur gebring.
- 2 Toe hy geroep is, begin Tertullos hom beskuldig en sê: "Deur u leef ons in oorvloed van rustigheid en deur u versorging het hierdie nasie uitstekende stabiliteit
- 3 en ons almal, in elke plek, ontvang u onverdiende guns, Hoogede Felix.
- 4 Om u egter nie moeg te maak met baie dinge nie, versoek ek u om ons eenvoudigheid kortliks aan te hoor,
- 5 want ons het gevind dat hierdie man 'n verleier en 'n opstoker van moeilikheid onder al die Jode in die wêreld is en 'n leier van die sekte van die Natzerenars is

- 6 en probeer het om ons tempel te onteer. Ons het hom gevang en wou hom volgens ons wet oordeel,
- 7 maar Lusias, die bevelvoerder oor 'n duisend, het gekom, hom met groot geweld uit ons hande gevat, na u gestuur
- 8 en beveel dat sy aanklaers voor u moet kom. U sal self, ná ondervraging, kan leer van al hierdie dinge waarvan ons hom beskuldig.”
- 9 Toe het die Jode ook saam uitgeroep en gesê: “Hierdie dinge is so.”
- 10 Nadat die goewerneur vir hom gewys het om te praat, het Sha'ul geantwoord en gesê: “Omdat ek weet dat u al baie jare lank oor hierdie nasie regter is, verdedig ek my saak met blydschap.
- 11 Soos u mag weet, is dit nie meer as twaalf dae sedert ek opgekom het na Yerushalayim om te aanbid nie
- 12 en hulle het my ook nie in die tempel gekry, besig om met iemand te praat of 'n skare bymekaar te maak in hulle bymekaarkomplekke of in die stad nie.
- 13 Hulle het ook nie die dinge waarvan hulle my nou beskuldig, voor u bewys nie,
- 14 tog erken ek voor u dat ek volgens die leer waarvan hulle praat, die God van my vaders dien terwyl ek voortgaan om alles te vertrou wat volgens die wet is en wat in die profete geskryf is
- 15 terwyl ek 'n versekerde verwagting van God het, wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van dié wat dood is, beide van onskuldiges sowel as die bose;
- 16 daarom oefen ek my ook voortdurend om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê,
- 17 maar ná baie jare het ek gekom om 'n omgee geskenk (aalmoes) aan my nasie te bring en om te offer.
- 18 Hiermee was ek besig, nie met mense of met 'n oproer nie, toe sekere Jode uit Asië my in die tempel gekry het nadat ek gereinig is.
- 19 As hulle, die Jode van Asië, mense opgestook het, behoort hulle hier voor u te wees om aanklagte in te bring as hulle iets teen my het.
- 20 Of laat hierdie manne self sê of hulle enige verkeerde dade in my gekry het toe ek voor hulle Raad gestaan het,
- 21 behalwe oor hierdie een stelling wat ek uitgeroep het terwyl ek tussen hulle gestaan het, naamlik: ‘Oor die opstanding van die dode word ek vandag voor u geoordeel!’”
- 22 Omdat Felix die dinge aangaande hierdie Lewenswyse ten volle geken het, het hy uitgestel en gesê: “Wanneer die bevelvoerder oor 'n duisend afkom, sal ek julle saak aanhoor.”
- 23 Hy het ook die kaptein oor 'n honderd beveel om Sha'ul te bewaak, met vryheid en dat hy niemand van sy eie mense moes verhinder om hom te bedien nie.
- 24 'n Paar dae later het Felix, saam met Drouilla, sy vrou, wat 'n Jodin was, gekom en Sha'ul laat haal en na hom, aangaande die vertrou in dié Gesalfde Een, geluister,
- 25 maar toe hy praat oor onpartydige opregtheid, afgesonderdheid en die komende oordeel, het Felix baie bang geword en geantwoord: “Gaan weg vir nou en as ek 'n kans kry, sal ek jou laat roep.”

26 Hy het ook gehoop dat Sha'ul hom geld sou gee om hom los te laat; daarom het hy hom ook gereeld laat haal en met hom gepraat,

27 maar twee jaar het verbygegaan en toe kry Felix vir Porkios Festos as opvolger en omdat Felix aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy Sha'ul as gevangene agtergelaat.

25 1 Toe Festos in Kaisareia aangekom het, het hy na drie dae opgegaan na Yerushalayim.

2 Die leierpriesters en die leiers van die Jode het hom oor Sha'ul ingelig en hom,

3 as 'n guns, gevra om hom na Yerushalayim te bring (terwyl hulle 'n hinderlaag beplan om hom op die pad dood te maak).

4 Daarop het Festos geantwoord dat Sha'ul in Kaisareia bewaak word en dat hy self spoedig daarheen sou gaan.

5 “Laat dan dié onder julle,” sê hy, “wat bevoeg is, saamgaan en as daar iets verkeerds in hierdie man is, hom beskuldig.”

6 Nadat hy agt of tien dae onder hulle gebly het, het hy na Kaisareia afgegaan en die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee dat Sha'ul gebring moes word.

7 Toe hy kom, het die Jode wat vanaf Yerushalayim gekom het, rondom hom gestaan en baie en ernstige beskuldigings teen Sha'ul gemaak, wat hulle nie kon bewys nie.

8 Tot sy verdediging het Sha'ul gesê: “Ek het geen oortreding teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser begaan nie.”

9 Omdat Festos aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy geantwoord en vir Sha'ul gesê: “Wil jy na Yerushalayim opgaan en daar voor my oor hierdie dinge teregstaan?”

10 Toe sê Sha'ul: “Ek staan voor die regterstoel van die keiser waar ek geoordeel moet word. Teen die Jode het ek nie gesondig nie, soos u ook weet,

11 want as ek oortree het of iets gedoen het wat die dood verdien, weier ek nie om te sterf nie, maar as daar niks is in die dinge waarvan hulle my beskuldig nie, dan kan niemand my aan hulle, by wyse van guns, oorlewer nie. Ek appelleer tot die keiser!”

12 Toe antwoord Festos, nadat hy met die Raad gepraat het: “Na die keiser het jy appelleer; na die keiser sal jy gaan!”

13 Ná verloop van 'n paar dae het koning Agrippus en Bernike in Kaisareia aangekom om na Festos se welstand te vra.

14 Toe hulle verskeie dae daar deurgebring het, het Festos die saak van Sha'ul aan die koning voorgelê en gesê: “Hier is 'n man, deur Felix as gevangene agtergelaat,

15 teen wie die leierpriesters en die oudstes van die Jode, toe ek in Yerushalayim was, 'n oordeel gevra het

16 en ek het hulle geantwoord dat dit nie by die Romeine gewoonte is om enige mens aan die dood prys te gee, voordat die beskuldigde die aanklaers voor hom gehad het en geleentheid tot verdediging in verband met die beskuldigings gekry het nie.

17 Toe hulle dan hier vergader het, het ek sonder enige uitstel die volgende dag op die regterstoel gaan sit en bevel gegee om die man te bring.

- 18 Sy aanklaers het teen hom gestaan en kon geen bose beskuldiging teen hom bewys soos ek verwag het nie,
19 maar hulle het met hom sekere twisvrae oor hulle eie godsdienst gehad en oor 'n sekere Yeshua wat dood is, van wie Sha'ul verklaar het dat Hy lewe.
20 Omdat ek nie geweet het wat om te doen nie, het ek gevra of hy na Yerushalayim wou gaan en daar oor hierdie dinge teregstaan,
21 maar hy het geappelleer om in bewaring te bly vir 'n keiserlike verhoor en ek het beveel dat hy in bewaring moes bly totdat ek hom na die keiser kon stuur."
22 Agrippus sê vir Festos: "Ek sou self ook graag die man wil hoor." Toe antwoord hy: "Môre sal u hom hoor."
23 Die volgende dag het Agrippus en Bernike toe met groot vertoon in die gehoorsaal ingekom saam met die bevelvoerders oor 'n duisend en die leiers van die stad. Op bevel van Festos is Sha'ul ingebring.
24 Toe sê Festos: "Koning Agrippus en al die manne wat hier saam met ons is, u sien hierdie man oor wie al die Jode in Yerushalayim en ook hier met my gepraat het en uitgeroep het dat hy nie langer behoort te lewe nie,
25 maar omdat ek gevind het dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie en hy self ook na die keiser appelleer het, het ek besluit om hom te stuur,
26 maar ek kan niks beslis oor hom aan die keiser skryf nie; daarom het ek hom voor u gebring en veral voor u, koning Agrippus sodat ek ná die ondersoek sal weet wat ek moet skryf,
27 want dit is nie reg om 'n gevangene te stuur en nie die beskuldigings teen hom te skryf nie."

- 26** 1 Agrippus sê toe vir Sha'ul: "Jy het toestemming om vir jouself te praat." Toe steek Sha'ul sy hand uit en verantwoord homself en sê:
2 "Ek ag myself gelukkig, koning Agrippus, dat ek my vandag voor u gaan verantwoord in verband met alles waarvan ek deur die Jode beskuldig word,
3 veral omdat ek weet dat u bekend is met al die vraagstukke en die wette van die Jode; daarom versoek ek u om my geduldig aan te hoor.
4 My lewe van my jeug af, in my land en in Yerushalayim, ken al die Jode, as hulle daarvan wil getuig
5 omdat hulle my van dié tyd af geken het, hoe ek volgens die leer van die Fariseërs geleef het.
6 Nou word ek aangekla oor die versekerde verwagting op die belofte wat God aan die vaders gemaak het,
7 wat ons twaalf stamme, wat ernstig dag en nag bid, verwag om te kom. Oor hierdie versekerde verwagting, koning Agrippus, word ek deur die Jode aangekla.
8 Hoekom word dit deur u as ongelooflik beskou dat God die dooies laat opstaan?
9 Vanuit myself het ek gedink dat ek baie opponerende dinge teen die Karakter en Outoriteit van Yeshua, die Natzerener, moes doen,
10 wat ek ook in Yerushalayim gedoen het. Ek het ook baie van hulle wat afgesonderd was in tronke opgesluit nadat ek van die leierpriesters die outoriteit gekry het en, as hulle doodgemaak is, het ekself daarvoor gestem.

- 11 In al die bymekaarkomplekke het ek hulle gereeld gemartel en gedwing om kwaad te praat teen die Karakter en Outoriteit van Yeshua en ek het hulle in oormatige woede vervolgt, selfs tot in die buitelandse stede.
- 12 Ek was daarvoor op pad na Dammesek, met outoriteit en toestemming van die leierpriesters,
- 13 toe het ek, o koning, in die middel van die dag, op die pad, 'n lig uit die hemel, sterker as die glans van die son, gesien, wat rondom my en die wat saam met my gereis het, skyn.
- 14 Ons het almal op die grond neergeval en ek het 'n stem gehoor wat met my praat en in Aramees sê: 'Sha'ul, Sha'ul, waarom vervolgt jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.'
- 15 Toe sê ek: 'Wie is U, my Meester?' Ons Meester sê vir my: 'Ek is Yeshua, die Natzerener, wat jy vervolgt.'
- 16 Hy sê ook vir my: 'Staan op, op jou voete, want om hierdie rede het Ek aan jou verskyn om jou aan te stel as 'n bedienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn.
- 17 Ek sal jou verlos van die Jode en van die ander nasies waarheen Ek jou stuur,
- 18 om hulle oë oop te maak sodat hulle hul kan wegdraai van die duisternis na die lig en vanaf die outoriteit van die teëstander na God toe en hulle bevryding van sondes en 'n erfenis onder die afgesonderdes kan kry, deur vertroue in My.'
- 19 As gevolg hiervan, koning Agrippus, het ek nie gestry teen die hemelse visioen nie,
- 20 maar het ek aan die mense in Dammesek eerste, in Yerushalayim en in die dorpie van Y'udah, asook aan die ander nasies verkondig om weg te draai van die sonde, na God toe en die dade te doen wat pas by een wat teruggedraai het na God toe.
- 21 As gevolg van hierdie dinge het die Jode my in die tempel gevang en my probeer doodmaak.
- 22 God het my tot op hierdie dag gehelp en let op, ek staan en getuig aan klein en groot en sê niks anders as wat die profete en ook Mosheh gesê het, wat sou gebeur nie:
- 23 dat dié Gesalfde Een moes ly en die Oorsprong sal wees van die opstanding uit die dood en lig verkondig aan die mense en aan die ander nasies."
- 24 Terwyl hy hom so verantwoord, sê Festos met 'n harde stem: "Jy is mal, Sha'ul; die baie geleerdheid maak jou mal."
- 25 Sha'ul sê: "Ek is nie mal nie, hoogedele Festos, maar ek praat woorde van waarheid en integriteit,
- 26 want die koning, met wie ek ook vrymoediglik praat, weet van hierdie dinge, want ek is oortuig dat niks van hierdie dinge hom ontgaan het nie, want dit het nie in die geheim gebeur nie.
- 27 Vertrou u die profete, koning Agrippus? Ek weet dat u vertrou."
- 28 Toe sê Koning Agrippus vir Sha'ul: "Jy wil my in 'n kort tydjie oortuig om 'n volgeling van dié Gesalfde Een te word."

29 [*Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese kodeks nie*]

30 Die koning, die goewerneur, Bernike en die wat saam met hulle gesit het, het opgestaan

31 en toe hulle uitgaan, praat hulle met mekaar en sê: “Hierdie man het niks gedoen wat die dood of boeie verdien nie.”

32 Agrippus sê vir Festos: “Hierdie man kon losgelaat word as hy nie tot die keiser geappelleer het nie.”

27 1 Festos het aangaande hom bevel gegee dat hy na die keiser gestuur moet word in Italië en hulle het Sha’ul en die ander gevangenes saam met hom, oorgegee aan ’n kaptein oor ’n honderd van die keiserlike regiment, met die naam van Youlios.

2 Toe dit tyd was vir ons om te gaan, het ons aan boord ’n skip van Adramuttenos gegaan, wat op pad was na die gebied van Asië. Aristargos van Makedonia, ’n man van Thessalonike, het saam met ons opgeklim.

3 Die volgende dag het ons by Tzidon aangeland en Youlios het Sha’ul met omgee behandel en hom toegelaat om na sy vriende toe te gaan en verfris te word.

4 Daarvandaan het ons weggeseil, onderkant Kupros verby omdat die winde teen ons was.

5 Ons het ook die see langs Kilikia en Pamfulia deurgevaar en by Mura in Lukia aangekom.

6 Daar het die kaptein oor honderd ’n skip van Alexandria gekry, wat na Italië sou vaar en ons daarop gesit,

7 maar ons het baie dae lank stadig gevaar en met moeite regoor die eiland Knidos gekom en omdat die wind ons nie toegelaat het nie, onderkant Krete langs gevaar, oorkant die stad Salmone.

8 Toe ons dit met moeite verbygeseil het, kom ons by ’n plek wat Mooihawens genoem word, naby die stad Lasaia,

9 maar omdat baie tyd verbygegaan het, dit al gevaarlik geword het om te seil en die vasdag van ‘Yom-Kippur’ ook al verby was, het Sha’ul aanbeveel

10 en gesê: “Manne, ek het gesien dat die reis met beserings en groot skade gepaard sal gaan, nie alleen vir die vrag en die skip nie, maar ook vir ons lewens.”

11 Die kaptein oor ’n honderd het egter meer na die skeepskaptein en die eienaar geluister as na die woorde van Sha’ul.

12 Omdat die hawe nie geskik was om daar te oorwinter nie, het die meerderheid ook aangeraai om daarvandaan weg te vaar en indien moontlik Foinix, ’n hawe in Krete, wat ooplê na die suide, te bereik om te oorwinter.

13 Toe die suidewind waai, het hulle gedink dat hulle hul plan kon uitvoer en die ankers gelig en teen Krete verbygeseil,

14 maar nie lank daarna nie is ’n tifoonwind wat Tifoon Eurokludon genoem is, op ons neergegooi.

15 Toe die skip vasgevang is en nie teen die wind kon opseil nie, het ons dit aan die wind se hande oorgegee,

16 maar toe ons onderkant ’n eilandjie kom wat Klaude genoem word, kon ons slegs met kragtige moeite die reddingsbootjie onder beheer hou

- 17 en nadat hulle dit opgetrek het, het hulle toue gebruik om die skip onderom vas te bind en omdat hulle bang was om op die sandbanke te lande te kom, het hulle die seile laat sak en so rondgedrywe.
- 18 Terwyl ons die volgende dag geweldig deur die storm geteister is, het ons van die vrag oorboord gegooi
- 19 en op die derde dag het ons met ons eie hande die skeepstoerusting oorboord gegooi.
- 20 Omdat die storm baie dae lank geduur het en nie die son, die maan of die sterre vir baie dae lank geskyn het nie, is eindelijk alle hoop om gered te word, verloor.
- 21 Toe hulle nie in staat was om die saak te beheer nie, het Sha'ul tussen hulle opgestaan en gesê: "Manne, as julle my vertrou het en nie van Krete afgevaar het nie, sou hierdie ramp en skade gespaar gewees het,
- 22 maar nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie, maar alleen van die skip,
- 23 want daar het in hierdie nag 'n boodskapper van die God aan Wie ek behoort en wat ek ook dien, by my gestaan
- 24 en hy het gesê: "Moenie bang wees nie, Sha'ul; jy moet voor die keiser staan. Let op, God het almal wat saam met jou vaar as 'n guns aan jou gegee;
- 25 daarom, hou moed, manne, want ek vertrou God dat dit so sal wees soos vir my gesê is,
- 26 maar ons moet op 'n sekere eiland strand."
- 27 Op die veertiende nag terwyl ons nog in die Adriatiese See ronddrywe, het die matrose omtrent middernag vermoed dat hulle naby land is
- 28 en hulle het die anker uitgegooi en ses en dertig en 'n half meter gekry en nadat hulle 'n bietjie verder gegaan het, sewe en twintig en 'n half meter.
- 29 Omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle van die agterskip af vier ankers uitgegooi en gewens dat dit dag moet word.
- 30 Die matrose het egter probeer om van die skip af te vlug en die reddingsbootjie in die see laat sak onder die voorwendsel dat hulle die skip aan land wou vasmaak.
- 31 Toe Sha'ul dit sien, sê hy vir die kaptein oor 'n honderd en die soldate: "As hierdie manne nie op die skip bly nie, kan julle nie gered word nie."
- 32 Daarop het die soldate die toue van die reddingsbootjie afgekap en hom laat dryf,
- 33 maar teen dagbreek het Sha'ul almal aangemoedig om te eet en gesê: "Dit is vandag die veertiende dag van gevaar sonder dat julle iets geëet het;
- 34 daarom vra ek julle om kos te eet, vir die behoud van julle lewe, want van niemand onder julle sal 'n haar van sy kop afval nie."
- 35 Toe hy dit gesê het, vat hy brood, dank God in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet
- 36 en hulle het almal moed geskep en kos geëet.
- 37 Ons was altesaam twee honderd ses en sewentig mense op die skip.
- 38 Nadat hulle met kos versadig is, het hulle die skip ligter gemaak deur die graan in die see te gooi.

- 39 Toe dit dag word, het die matrose die land nie herken nie, maar hulle het 'n baai gesien wat 'n strand het, waarop hulle van plan was om die skip te laat strand as hulle kon.
- 40 Hulle het die ankers losgemaak en in die see gelos en terselfdertyd die roertoue losgemaak. Hulle het die klein bo-seil teen die wind opgetrek en op die strand afgestuur
- 41 en die skip het op 'n verhoogde plek gestrand tussen twee diep kanale van die see en die skip was vas. Die voorskip het vasgeraak en onbeweeglik bly sit, maar die agterskip is deur die geweld van die branders uitmekaargeslaan.
- 42 Die soldate wou die gevangenes doodmaak sodat niemand kon wegswem en ontsnap nie,
- 43 maar die kaptein oor honderd wou Sha'ul red en het hulle gekeer in hulle voorneme en beveel dat die wat kon swem, eerste in die see moes spring om aan land te kom
- 44 en die ander, sommige op planke en sommige op stukke van die skip. Op die manier het almal veilig aan land gekom.

- 28** 1 Eers agterna het ons geleer dat die eiland Melite genoem word.
- 2 Die ongekultiveerde mense wat daar gewoon het, het aan ons buitengewone goedheid en liefde bewys, want hulle het 'n groot vuur aangesteek weens die koue en die reën en ons almal daarby verwelkom.
- 3 Sha'ul het 'n bondel droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit en 'n adder het weens die hitte uitgekom en aan sy hand vasgebyt.
- 4 Toe die inboorlinge die gevaarlike dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: "Hierdie man is beslis 'n moordenaar, wat die regverdige oordeel nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered."
- 5 Sha'ul het die adder in die vuur afgeskud en geen kwade gevolge gehad nie.
- 6 Hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood neerval, maar nadat hulle lank gewag het en gesien het dat niks kwaads met hom gebeur nie, het hulle van gedagte verander en gesê dat hy 'n god is.
- 7 Die hoof van die eiland, wie se naam Poblis was, het in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik gehuisves.
- 8 Poblis se vader het siek gelê aan koors en disenterie en Sha'ul het ingegaan na hom toe en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.
- 9 Hierna het ook die ander op die eiland wat siektes gehad het, na hom toe gekom en is gesond gemaak.
- 10 Hulle het ons ook baie hoog geag en toe ons sou wegvaar, ons, van dit wat ons nodig het, voorsien.
- 11 Ná drie maande het ons weggevaar in 'n skip van Alexandria met die skeepsmerk "Tweeling," wat op die eiland oorwinter het
- 12 en ons het by die stad Surakousai geland en drie dae lank daar gebly.
- 13 Daarvandaan het ons rondgeseil en by die stad Region aangekom, 'n dag later het die suidewind opgekom en op die tweede het ons Potioloï bereik, 'n stad van Italië,

- 14 waar ons broers gevind het wat ons gevra het om sewe dae by hulle te bly en toe het ons na Rome gegaan.
- 15 Die broers wat van ons koms gehoor het, het ons tegemoet gekom by die Appiosmark en die Drie Herberge en toe Sha'ul hulle sien, het hy God geloof en is bemoedig.
- 16 Ons het Rome binnegegaan en die kaptein oor honderd het Sha'ul toegelaat om op sy eie te bly, met 'n soldaat wat hom moes oppas.
- 17 Ná drie dae het Sha'ul die leiers van die Jode saamgeroep en, nadat hulle bymekaargekom het, vir hulle gesê: “Broers, alhoewel ek niks gedoen het teen ons mense of die tradisies van ons vaders nie, is ek in Yerushalayim as gevangene oorgegee in die hande van die Romeine.
- 18 Hulle het my ondersoek en wou my loslaat omdat daar by my geen oortreding was wat die dood verdien nie,
- 19 maar toe die Jode dit teenstaan, was ek verplig om na die keiser te appelleer, nie asof ek iets het om my mense van te beskuldig nie.
- 20 Om hierdie rede dan het ek gevra om u te sien en met u te praat, want dit is oor die versekerde verwagting van Yisra'el dat ek met hierdie ketting geboei is.”
- 21 Hulle het vir hom gesê: “Ons het geen briewe oor u van Y'hudah ontvang nie, ook het geen van die broers hier aangekom en iets kwaads oor u berig nie,
- 22 maar ons begeer om van u te hoor, wat u opinie is aangaande hierdie lering, want dit is aan ons bekend dat niemand dit aanvaar nie.”
- 23 Hulle het vir hom 'n dag bepaal en baie het na die plek toe gekom waar hy bly. Van dagbreek tot die aand toe het hy die dinge vir hulle verduidelik en in diepte getuienis gegee aangaande die Koninkryk van God en vanuit die wet van Mosheh en die profete, het hy hulle probeer oortuig aangaande Yeshua.
- 24 Sommige was oortuig van wat gesê is, maar ander was nie oortuig nie.
- 25 Hulle was onder mekaar verdeeld en het uitmekaargegaan nadat Sha'ul vir hulle gesê het: “Tereg het die Gees wat Afgesonderd is deur Yesha'yahu, die profeet, teen julle vaders gepraat
- 26 toe hy gesê het: ‘Gaan na hierdie volk en sê: ‘Julle sal aanhou hoor, maar nooit verstaan nie en julle sal aanhou kyk en nooit sien nie,’
- 27 want die verstand, wil en emosie van hierdie mense het hard geword en hulle ore het hulle afgestomp en hulle oë het hulle toegemaak sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die verstand, wil en emosie verstaan en wegdraai van die sonde na My toe en Ek hulle vergewe nie.’ ^{Yes 6:9-10}
- 28 Laat dit dan verseker aan julle bekend wees dat die verlossing van God aan die ander nasies gestuur is en hulle luister daarna.”
- 29 *[Hierdie vers is nie in die Khabouris Oosterse Aramese Manuskripte of die oudste Griekse manuskripte nie]*
- 30 Sha'ul het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom toe gekom het
- 31 terwyl hy die Koninkryk van God verkondig en openlik lering gegee het aangaande ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, sonder verhinderings.

Die sesde boek van die Nuwe Verbond

Die brief is deur Ya'akov, die seun van Miryam, moeder van
Yeshua, dié Gesalfde Een, geskryf.

Ya'akov

יעקוב - יעקב

{ Gryp aan die hakskeen / Mislei }
(Jakobus)

Dit is deur Ya'akov, voor die jaar 63, toe hy vermoor is,
geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Ya'akov, 'n dienskneg van God en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die twaalf stamme wat verstrooi is onder die nasies: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid!
- 2 Laat daar alle vreugde onder julle wees, my broers, wanneer julle deur allerhande en baie versoekinge gaan
- 3 omdat julle weet dat die toetsing van vertroue vir julle volharding bereik, ^{Rom 5:2-5}
- 4 maar die volharding moet self aanhou werk tot volmaaktheid sodat julle volmaak en volledig kan wees en in niks kortkom nie,
- 5 maar as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal vrylik gee sonder om te verwyf en dit sal aan hom gegee word. ^{Spr 2:3-6}
- 6 Hy moet egter in vertroue vra, sonder om te twyfel, want hy wat twyfel, is soos die golwe van die see wat deur die wind gedryf word, ^{Ps 37:4}
- 7 want só 'n mens moenie dink dat hy enige iets van יהוה sal ontvang nie.
- 8 Wie ook al twyfel in sy gedagtes, het probleme in al sy doen en late.
- 9 Laat die arm broer roem dat hy opgelig word
- 10 en die ryke, in sy vernedering, want soos 'n blom van die veld sal hy verbygaan,
- 11 want die son kom op met sy hitte en laat die plant wegdroog en sy blom afval en die grasia van sy voorkoms word so vernietig; so sal die ryke ook in sy lewe wegwyn.
- 12 Geseënd is die man wat volhard as hy getoets word, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang, wat God beloof, aan die wat Hom lief het.
- 13 Laat niemand, as hy versoek word, sê: “Ek word deur God versoek nie,” want God is nie bekend met boosheid nie en Hy versoek nie die mens nie, ^{1 Kor 10:13}
- 14 maar elkeen word getoets deur sy eie begeertes; hy begeer en word mislei.
- 15 Hierdie begeerte word verwagkend en gee geboorte aan sonde en as die sonde ontwikkel het, gee dit geboorte aan die dood.
- 16 Moenie op 'n dwaalspoor gelei word nie, my broers vir wie ek lief is.
- 17 Alle geskenke wat goed en volmaak is, kom van bo af, vanaf die Vader van Lig. By Hom is daar geen verandering of skaduwee van wysiging nie. ^{Mal 3:6; 1 Yog 1:5}
- 18 Omdat Hy wou, het Hy geboorte gegee aan ons deur die boodskap van die waarheid sodat ons die eerstelinge van Sy skepping kan wees. ^{1 Kef 1:23; Rom 8:19-23}
- 19 Elkeen van julle, my broers wat ek lief het, moet gou wees om te luister, stadig om te praat, stadig om kwaad te word,
- 20 want die woede van 'n man voer nie die onpartydige opregtheid van God uit nie.
- 21 As gevolg hiervan, raak ontslae van alle verwerplikhede en die oorvloed van booshede en ontvang met nederigheid die boodskap wat in staat is om julle gees te red, wat ingeplant is in ons natuur.
- 22 Wees 'n doener van die boodskap en nie net 'n hoorder wat jouself mislei nie,
- 23 want as iemand 'n hoorder van die boodskap is en nie 'n doener nie, is hy soos 'n man wat sy gesig in 'n spieël sien,
- 24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het,

25 maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die daade, sal geseënd wees in wat hy doen. Deut 27; Ps 34:16; Rom 2:13

26 As iemand dink dat hy God dien en nie sy tong in toom hou nie, Ps 34:14; 39:2; 141:3; Spr 21:23 mislei hy sy eie denke, wil en emosie en die diens van hierdie man is leeg en doelloos.

27 Rein en afgesonderde bediening voor God-die-Vader is dít: om wese en weduwees in hulle moeilikhede te besoek en jou eie lewe sonder besmetting van die wêreld te hou. Yes 1:15-17; Spr 19:17; Heb 13:16

2 1 My broers, laat julle nie die groot en lofwaardige vertroue van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een vashou met inagneming van 'n persoon nie,

2 want as daar in julle bymekaarkomplekke 'n man inkom met goue ringe of met 'n glansende kleed aan en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan

3 en julle opkyk na hom wat die glanskleed dra en vir hom sê: “Kom, sit u hier op die goeie plek” en vir die arme sê julle: “Gaan, staan jy daar of sit hier voor ons voetbank,” Lev 19:15; Deut 16:19; Spr 24:23

4 let op, is julle dan nie in julleself verdeeld en het vertolkers van bose motiewe geword nie?

5 Luister, my broers vir wie ek lief is: het God nie die armes van hierdie wêreld gekies as rykes in die vertroue sodat hulle erfgename van die Koninkryk, wat Hy beloof het aan die wat Hom lief het, kan wees nie?

6 Julle het egter die arm man verneder. Is dit nie die rykes wat julle onderdruk en julle voor die regbanke sleep nie?

7 Let op, is dit nie hulle wat die goeie Naam (Karakter en Outoriteit) belaster wat oor julle uitgeroep is nie?

8 As julle die geskrewe wet van God hierin uitvoer soos dit geskryf is: jy moet jou naaste liefhê soos jouself, Lev 19:18; Yog 14:15 dan doen julle goed,

9 maar as julle partydig is, doen julle sonde en word julle deur die geskrewe wet veroordeel as oortreders van die geskrewe wet. Deut 1:17

10 Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind, Lev 4:2

11 want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, het ook gesê: jy mag nie moord pleeg nie. Eks 20:13; Deut 5:17 As jy nie egbreuk pleeg nie, maar moord pleeg, het jy 'n oortreder van die geskrewe wet geword.

12 Julle moet aanhou om só te praat en só te doen soos mense wat deur die geskrewe wet van vryheid geoordeel sal word,

13 want die oordeel is sonder verskoning teenoor die wat nie liefdevolle omgee gee nie; met liefdevolle omgee het jy heerskappy oor die oordeel.

14 Wat is die voordeel, my broers, as iemand sê dat hy die ‘geloof’ het, maar hy het nie die daade nie? Kan sy ‘geloof’ hom red?

15 As 'n broer of 'n suster kaal is en nie kos vir die dag het nie

16 en enige van julle sou vir hulle sê: “Gaan heen in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, wees warm, wees versadig, maar julle gee hulle nie dit wat vir die liggaam nodig is nie; watter voordeel het dit?

- 17 Net so is ook die 'geloof', as dit geen daade het nie, in sigself dood,
 18 want iemand sê vir jou: jy en ek het 'geloof'; ek het werke. ^{Efe 2:8-10} Wys my jou
 'geloof' sonder daade en ek sal jou my vertrou deur my daade wys.
 19 Jy vertrou dat God één is. ^{Deut 6:4} Jy doen goed. Die demone glo dit ook en hulle
 bewe,
 20 maar wil jy weet, o nietige mens, dat die 'geloof' sonder werke dood is?
 21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy daade onskuldig verklaar toe hy Yitz'gak, sy
 seun, op die altaar gesit het nie? ^{Gen 22:1-19}
 22 Sien jy dat sy vertrou sy daade bevestig het en dat sy vertrou volmaak geword het
 deur daade?
 23 Die Skrif is vervul wat sê: "Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige
 opregtheid gereken ^{Gen 15:6; Rom 4:3} en hy is 'n vriend van God genoem." ^{Yes 41:8; 2 Kro 20:7}
 24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur daade en nie alleen deur die
 'geloof' nie?
 25 Is Ragav, die prostituut, ^{Y'ho 2:8-21; 6:25} nie ook net so onskuldig verklaar deur haar
 daade toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?
 26 Net soos die liggaam sonder gees dood is, net so is ook die 'geloof' sonder daade
 dood.
- 3** 1 Daar moenie baie leermeesters onder julle wees nie, my broers, want julle weet
 dat ons 'n groter beoordeling sal ontvang,
 2 want ons almal struikel dikwels. Elkeen wat nie struikel in wat hy sê nie; hy is 'n
 volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam te beheer. ^{Spr 18:21}
 3 Let op, ons sit stange in die perde se bekke sodat hulle ons gehoorsaam kan wees en
 ons draai hulle hele liggaam daarmee.
 4 Ook soos skepe, magtig en deur sterk winde voortgedryf, deur 'n baie klein, harde
 stukkie hout gestuur word net waarheen die stuurman wil;
 5 net so is die tong ook 'n klein ledemaatjie en het heerskappy. 'n Klein vuurtjie steek
 'n groot woud aan die brand! ^{Ps 34:14; Ya'a 1:26}
 6 Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong
 op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende
 generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur,
 7 want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seedië, word
 getem deur die menslike natuur,
 8 maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol
 dodelike gif.
 9 Daarmee seën ons אבנא-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is
 na die beeld van God. ^{Gen 1:26-27}
 10 Uit dieselfde mond kom vervloeking en seëninge. Dit, my broers, behoort nie so
 te wees nie.
 11 Is dit moontlik dat uit dieselfde fontein vars en bitter water uitkom?
 12 Of kan 'n vyboom, my broers, olywe dra, of 'n wingerdstok, vye? Net so word
 bitter water nie soet gemaak nie.

- 13 Wie is wys en intelligent onder julle? Laat hom sy goeie dade wys in 'n mooi lewenswyse, in die wysheid van nederigheid,
- 14 maar as daar bittere jaloesie en selfsug in julle gedagtes, wil en emosies is, moenie grootpraat en lieg teen die waarheid nie.
- 15 Hierdie wysheid kom nie van bo af nie, maar is aards, uit die denke van die self en vanaf demone,
- 16 want waar jaloesie en selfsug is, daar is wanorde en allerhande bose dinge,
- 17 maar die wysheid van bo is rein, vol vrede, sag, gee aandag, vol van liefde en goeie vrugte; sonder verdeeldheid of die aanneming van 'n persoon,
- 18 maar vrugte van onpartydige opregtheid, ^{Yes 32:17; Mat 7:16-20; Gal 5:22,23; Heb 12:11} wat in kalmte gesaai word deur hulle wat vrede maak.
- 4** 1 Waar kom bakleiery en stryery onder julle vandaan? Is dit nie vanuit julle begeertes, wat in julle lede baklei nie?
- 2 Julle begeer ernstig en julle het nie. Julle pleeg moord en is jaloers en julle kan niks kry nie. Julle stry en baklei en julle het nie omdat julle nie vra nie.
- 3 Julle vra en julle ontvang nie omdat julle met bose redes vra, om julle begeertes te voed.
- 4 Egbrekers, weet julle nie dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie daarom kies om 'n vriend van hierdie wêreld te wees, is 'n vyand van God,
- 5 of dink julle miskien dat die Skrif sonder rede sê: 'Die Gees wat in ons woon, begeer met jaloesie'?
- 6 Ons Meester gee ons groter onverdiende guns, want Hy sê dit: "God verneder die trotses, maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns." ^{1 Kef 5:5}
- 7 Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander ^{Yir 1:17; 1 Kefa 5:9; Efe 6:10; 2 Tim 1:8} en hy sal van julle af wegvlug.
- 8 Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. ^{Z'kh 1:3} Sondaars, reinig julle hande; ^{Yes 1:15-16; Ps 24:4} twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!
- 9 Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid.
- 10 Wees nederig voor יהוה ^{יהוה} en Hy sal julle oplik.
- 11 Broers, moenie teen mekaar praat nie. Hy wat teen sy broer praat en sy broer oordeel, praat teen die wet en oordeel die wet en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n doener van die wet nie, maar sy regter.
- 12 Hy wat die geskrewe wet gee en oordeel, is een. Wie is in staat om aan jou lewe te gee en jou te vernietig? Jy, wie is jy wat jou naaste oordeel?
- 13 Wat sal ons sê van hulle wat sê: "Vandag of môre sal ons na 'n stad toe gaan en daar een jaar lank werk en handeldrywe en wins maak"
- 14 en hulle weet nie eens wat môre bring nie, ^{Spr 27:1} want soos wat is ons lewe? Dit is 'n mis wat vir 'n kort tydjie verskyn en dan verdwyn en weggaan.
- 15 In plaas dat hulle sê: "As יהוה ^{יהוה} wil en ons lewe, sal ons dit of dat doen,"
- 16 maar nou roem hulle in hul trots. Al sulke roem is boosheid.
- 17 Wie ook al weet wat goed is en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.

- 5 1 O, julle rykes, kerm en huil oor die ellendes wat oor julle kom.
 2 Julle rykdom is verrot en stink en julle klere is deur die motte geëet.
 3 Julle goud en silwer is verroes en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal, soos 'n vuur, julle vlees verteer, dit wat julle vir die laaste dae vir julle bymekaar gemaak het! ^{Luk 12:33}
 4 Let op, die loon van die arbeiders, wat julle lande afgeoes het, wat deur julle bedrog teruggehou is, roep uit ^{Lev 19:13} en die geroep van die wat geoes het, het gekom tot die ore van יהוה, God van die hemelse leërmag.
 5 Julle het op die aarde uitspattig gelewe en julle ooreet. Julle het jul liggame vet gevoer soos vir 'n slagdag.
 6 Julle het Die Onskuldige Een veroordeel en vermoor; Hy het nie teen julle weerstand gebied nie.
 7 Wees julle egter, net soos die plaasboer wat die kosbare vrugte van die aarde afweg en geduld het daarmee totdat hy die vroeë- en die laatreën ontvang het, geduldig, my broers, ^{Deut 11:14; Yir 5:24; Yo'el 2:23} tot by die koms van יהוה.
 8 Julle moet ook net so geduldig wees, versterk julle verstand, wil en emosie, want die koms van ons Meester kom nader.
 9 Moenie kla teenoor mekaar nie, my broers sodat julle nie geoordeel word nie. Let op, die Regter staan voor die deur.
 10 My broers, neem die profete wat in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה gepraat het, vir julle as voorbeeld van geduld, in julle lyding.
 11 Let op, ons noem hulle wat uithou en aanhou gelukkig. Julle het gehoor van die volhardende geduld van Iyov en julle weet wat die einddoel van יהוה met hom was omdat יהוה vol liefdevolle omgee en onverdiende guns is. ^{Eks 34:6; Ps 103:8; Ps 111:4}
 12 Bo alles, my broers, moenie 'n eed sweer by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook nie by 'n ander eed nie, maar laat julle "ja" ja wees en julle "nee" nee sodat julle nie onder 'n oordeel val nie. ^{Mat 5:33-37}
 13 Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand vrolik? Laat hom met musiek en instrumente sing.
 14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep en laat hulle oor hom bid en hom in die Karakter en Outoriteit van ons Meester met olie salf
 15 en die gebed van vertroue sal die sieke gesond maak; ons Meester sal hom herstel en as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.
 16 Erken julle oortredinge teenoor mekaar en bid vir mekaar sodat julle genees kan word. Die gebed van 'n onskuldige is baie kragtig en effektief.
 17 Eliyahu was 'n mens onderworpe aan lyding, net soos ons; hy het gebed dat dit nie moes reën nie en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie
 18 en hy het weer gebed, ^{1 Kon 17:1; 18:42-45} en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrugte gegee.
 19 My broers, as een van julle van die pad van die waarheid afgedwaal het en iemand hom van sy fout af laat omdraai na God toe,
 20 laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van die foute van sy lewe, na God toe laat omdraai, 'n gees uit die dood red en 'n menigte sondes bedek.

Die sewende boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief geskryf deur Kefa, een van die twaalf
afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

1 Kefa

ܠܟܠܟܝܠܐܢܝܢ

{ Rots of Klip }
(1 Petrus)

Dit is bes moontlik in die jaar 64, vanaf Bavel, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Kefa, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gekoses en die pelgrims, wat verstrooid is in Pontos, Galatia, Kappadokia, Asië en Bithunia;
- 2 hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader, deur die afgesonderdheid van die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid en tot besprinkeling met die bloed van Yeshua, dié Gesalfde Een: onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid word vermenigvuldig vir julle!
- 3 Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat in Sy groot omgee vir ons die geboorte gegee het van bo af, ^{Yog 3:3} deur die opstanding van Yeshua, dié Gesalfde Een, uit die dood, tot die versekerde verwagting van lewe
- 4 en tot 'n erfenis wat nie vernietig of besoedel word of verwelk nie, wat in die hemel vir julle voorberei word
- 5 terwyl julle deur die krag van God en vertroue in stand gehou word vir dié lewens wat gereed is om openbaar te word in die laaste tyd.
- 6 Lewens waarin julle jul vir ewig sal verheug, alhoewel julle, vir 'n kort tydjie, moeg gemaak word deur allerhande versoekings wat skielik oor julle kom
- 7 sodat die egtheid van julle vertroue, wat baie kosbaarder is as fyn goud, wat vergaan, maar deur vuur gesuiwer word, gewys mag word as prysenswaardig, kosbaar en tot eer, lof en grootheid by die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een;
- 8 Hy vir Wie julle nie gesien het nie en Hom lief het en deur Sy vertroue julle verbly met 'n heerlike blydschap wat nie uitgespreek word nie
- 9 sodat julle die einddoel van julle vertroue, die redding van julle gees, kan ontvang.
- 10 Die profete wat geprofeteer het aangaande hierdie lewens, het hierdie onverdiende guns wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors.
- 11 Hulle het ondersoek na watter tyd of geleentheid die Gees van dié Gesalfde Een, wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyding wat oor dié Gesalfde Een sou kom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid daarna.
- 12 Aan hulle is openbaar sodat hulle nie hulleself nie, maar vir ons bedien het deur dié dinge wat nou aangekondig is deur dié wat die goeie nuus aan julle verkondig het in die Gees wat Afgesonderd is, wat vanaf die hemel gestuur is; hierdie dinge waarin ook die boodskappers begeer om in te sien.
- 13 Bind daarom die heupe van julle verstand vas, ^{Yes 11:5; Efe 6:14} wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 14 soos gehoorsame seuns en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, ^{Iyov 36:21}
- 15 maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is
- 16 omdat daar geskrywe is: ^{Lev 11:44,45; 19:2; 20:7,26; 21:8} “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.”
- 17 As julle jul op Hom as Vader beroep, wat onpartydig oordeel volgens elkeen se dade, leef dan in respekvolle vrees gedurende dié tyd ^{Efe 2:19-22} wat julle vreemdelinge is

- 18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie, ^{Yes 52:3}
- 19 maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat dié Gesalfde Een is, ^{Heb 9:13,14}
- 20 wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil.
- 21 Julle, wat deur Hom, in God, wat Hom uit die dood uit opgewek en aan Hom eer, lof en goedheid gegee het, vertrou het sodat julle vertrou en versekerde verwagting in God kan wees,
- 22 soos julle lewens afgesonder sal word in gehoorsaamheid aan die waarheid en gevul word met liefde, sonder aanneming van 'n persoon sodat julle mekaar sal liefhê uit 'n skoon en volmaakte verstand, wil en emosie,
- 23 soos mense wat van bo af gebore is, ^{Yog 3:3; Ya'a 1:18} nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Lewende boodskap van God, wat tot in ewigheid bly,
- 24 want alle vlees is soos gras en al die eer en lof van die mens soos 'n veldblom. Die gras verdor en die blom val af,
- 25 maar die woorde van ons God bly tot in ewigheid ^{Yes 40:6-8} en dit wat Hy gesê het, is die goeie boodskap wat aan julle verkondig is. ^{Yog 1:1; 1Yog 1:1}
- 2** 1 Gooi daarom alle boosheid, alle misleiding, huigelry, afguns en alle agteraf kwaadpraterij af.
- 2 Verlang sterk, soos babas wat nog drink, na die suiwer en geestelike melk van die boodskap, waardeur julle sterk kan groei vir die lewe, ^{Heb 5:13,14}
- 3 as julle geproe en gesien het dat יהוה goed is; ^{Ps 34:9}
- 4 Hy na Wie julle naderkom, die Lewende Steen, wat deur die mense verwerp is, maar deur God gekies en kosbaar is. ^{Efe 2:20}
- 5 Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, dié Gesalfde Een. ^{Yir 33:21; Rom 12:1; Heb 7:12; 12:28; Open 1:6; 5:10}
- 6 Dit word gesê in die Skrifte: “Let op, Ek lê in Tziyon 'n goedgekeurde en kosbare Hoeksteen en hulle wat in Hom vertrou, sal nooit beskaam word nie.” ^{Yes 28:16; Rom 9:33}
- 7 Vir die wat aanhou vertrou, is hierdie eer gegee, maar vir die wat nie vertrou nie
- 8 is Hy: “'n Klip van struikeling en 'n Rots van aanstoot” ^{Yes 8:14; Mat 11:5,6} en hulle struikel daarvoor deurdat hulle nie die boodskap gehoorsaam waaroor hulle aangestel is nie.
- 9 Julle is 'n gekose nasie, ^{Yes 43:20} om te dien as priesters ^{Yes 61:6; Open 1:6; 20:6} in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, ^{Eks 19:6} bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,
- 10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. ^{Hos 2:25; Rom 9:25}
- 11 Julle vir wie ek lief het, ek versoek julle, as tydelike bewoners en vreemdelinge, om julle te onthou van vleeslike begeertes wat baklei teen die gees
- 12 en laat julle manier van lewe onder al die mense mooi wees sodat hulle wat van julle kwaad praat, julle goeie dade kan sien en God kan eer, loof en aanbid in die dag van beoordeling.

- 13 Wees dan ondergeskik aan alle mense ter wille van God; aan konings, as gevolg van hulle outoriteit; Yir 29:7; Mat 22:19-21; Rom 13:1-7; 1 Tim 2:2; Tit 3:1
- 14 aan regters, want hulle is vanaf Hom gestuur om kwaaddoeners te straf en om die wat goed doen, te prys,
- 15 want só is dit die wil van God: dat julle deur goed te doen, die monde van dwase mense sal stilmaak
- 16 soos vrymense en nie soos hulle wat die vryheid as 'n verskoning vir die boosheid gebruik nie, maar soos slawe van God.
- 17 Julle moet almal eer, die broers liefhê, God respekvol vrees en die koning eer.
- 18 Huisbediendes, wees aan julle meesters gehoorsaam met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en sag is nie, maar ook aan die harde en bese,
- 19 want daar is onverdiende guns vir iemand as hy, ter wille van sy gewete voor God, leed verdra wat van die Bese een af kom,
- 20 want watter eer is daar as julle verdra wanneer julle as gevolg van dwaasheid verkeerd doen en geslaan word? As julle egter verdra wanneer julle goed doen en ly, dan word julle eer en lof voor God opgelig,
- 21 want hiertoe is julle geroep omdat dié Gesalfde Een ook in julle plek gesterf en vir julle 'n voorbeeld nagelaat het sodat julle in Sy voetspore kan volg. 1 Yog 2:6
- 22 Hy wat geen sonde gedoen het nie Yes 53:9 en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;
- 23 Hy wat beledig is en nie beledig het nie; Hy het gely en niemand gedreig nie, maar het Sy oordeel oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel;
- 24 Hy het al ons sondes Yes 53:4,12 in Sy liggaam op die kruishout Deut 21:22,23 opgelig en as ons dood is aan sondes, sal ons in Sy onpartydige opregtheid lewe. Deur Sy wonde is julle gesond gemaak, Mal 3:17-20; Yes 53:4,5,10; Ps 103:2,3; Mat 8:14-17; Rom 4:25; 1 Kor 15:3
- 25 want julle was soos verdwaalde skape, maar nou het julle teruggedraai na die Skaapwagter en Omgeegewer van julle lewe. Yes 53:6
- 3** 1 Net so moet julle, vroue, gehoorsaam wees aan jul eie mans sodat die wat nie die boodskap gehoorsaam nie, deur jou mooi lewenswyse, sonder inspanning, gewen kan word
- 2 wanneer hulle sien dat julle respekvol, met oorleg en goeie oordeel optree.
- 3 Julle versiering moenie uiterlik wees nie: vlegsels in julle hare, juweliersware van goud of fyn klere nie, Spr 1:9; Spr 31:30
- 4 maar wees versier in die geheime van die gedagtes, wil en emosie van die mens, in die onverganklike versiering van 'n nederige gees wat baie kosbaar is voor God, Mat 5:3
- 5 want net só het ook die afgesonderde vroue, wat 'n versekerde verwagting in God gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans,
- 6 soos wat Sarah gehoorsaam was aan Avraham en hom 'my meester' Gen 18:12 genoem het, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen bedreiging vrees nie.
- 7 Julle, manne, moet op dié manier met hulle saamleef: met kennis en hulle as swakkeres met eer behandel omdat julle ook mede-erfgename van die geskenk van ewige lewe is sodat julle nie in julle gebede mag struikel nie.

- 8 Die slotsom is dat almal van julle in harmonie met mekaar moet wees; ly saam met die wat ly, wees lief vir mekaar en wees vol liefdevolle omgee en nederigheid.
- 9 Vergeld geen persoon kwaad met kwaad of beledigings met beledigings nie, maar in plaas van hierdie dinge, wees 'n seën, want hiervoor is julle geroep sodat julle die seën kan erf.
- 10 Wie ook al daarom die lewe begeer en lief is om goeie dae te sien, laat hom sy tong weerhou van wat boos is en sy lippe moet geen bedrog praat nie. Ps 34:14; 39:2; 141:3
- 11 Hy moet wegdraai van wat boos is en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag,
- 12 want die oë van יהוה is op die onskuldiges, Sy ore om hulle te hoor, maar die gesig van יהוה is teen die boosheid.” Ps 34:13-17
- 13 Wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle ywerig is vir die goeie?
- 14 As julle ly ter wille van die onpartydige opregtheid, is julle baie gelukkig en moenie vir hulle wat julle terroriseer bang wees nie en moenie uitgelok word nie,
- 15 maar sonder Die Meester, dié Gesalfde Een, in julle verstand, wil en emosie af en wees gereed om elkeen wat 'n verklaring vra van die versekerde verwagting van julle vertroue, te antwoord met nederigheid en respekvolle vrees
- 16 terwyl julle 'n goeie gewete het sodat die wat van julle kwaad praat soos van kwaaddoeners, wat julle mooi lewenswyse verwerp wat in dié Gesalfde Een is, beskaam mag word as mense,
- 17 want dit is vir julle tot voordeel, as dit die wil van God is dat julle ly wanneer julle goed doen en nie wanneer julle kwaad doen nie,
- 18 want dié Gesalfde Een het ook eenmaal as gevolg van ons sondes gesterf, die Onskuldige Een, 1 Yog 2:1 ter wille van sondaars, om julle na God toe te bring. Hy het gesterf na die liggaam, geleef in die Gees
- 19 en verkondig aan die geeste wat in Sh'ol gevange gehou is;
- 20 die wat lank terug, in die dae van Noag, nie oortuig is nie, toe die langdurige geduld van God beveel het dat daar 'n ark gebou word, waarin slegs agt ingegaan het en aan die lewe gehou is, op die verwagting van hulle berou en omkeer, deur die water.
- 21 Net so word julle ook in Hom deur die beeld, die doop, gered, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar wanneer julle God bely in 'n skoon gewete en deur die opstanding van Yeshua, dié Gesalfde Een, Rom 6:3-8; 2 Kor 5:17; Efe 2:11
- 22 Hy wat in die hemel in begelei en aan die regterhand van God is Ps 110:1 en boodskappers, outoriteite en kragte aan Hom onderwerp.
- 4** 1 As dié Gesalfde Een daarom in julle plek na die liggaam gely het, het julle ook dieselfde gesindheid verkry: dat elkeen wat aan sy vleeslike liggaam gesterf het, opgehou het met alle sonde,
- 2 om gedurende die tyd wat hy in die vlees is, nie meer volgens menslike begeertes te leef nie, maar volgens die wil van God,
- 3 want dit is genoeg dat julle in die tyd wat verby is, die wil van die ander nasies uitgevoer het in julle lewens deur in losbandigheid, dronkenskap, hoerery, orgies en in die aanbidding van demone te leef.

- 4 Let op, nou is hulle verbaas en beledig julle as julle nie saam met hulle in die losbandigheid instorm nie.
- 5 Hulle sal rekenskap gee aan God, wat die lewende en die wat dood is, sal oordeel,
- 6 want as gevolg hiervan het Hy ook aan die dooies die goeie boodskap verkondig sodat hulle in die vlees geoordeel kan word as mens, maar sal lewe deur God in die Gees,
- 7 maar Hy, die Einde van alles, het gekom. As gevolg hiervan, wees beskaamd en word wakker om te bid.
- 8 Voor enige iets anders moet julle mekaar aanhou liefhê, want die liefde bedek 'n menigte sondes.
- 9 Wys liefde teenoor vreemdelinge sonder om te kla.
- 10 Laat elkeen van julle sy naaste met die geestelike gawe wat hy ontvang het, dien soos goeie hoofde van die unieke huis van onverdiende guns van God. ^{1 Kor 12:7-11}
- 11 As iemand praat, laat dit wees volgens die woorde van God; as iemand dien, laat dit wees vanuit die krag wat God hom gee sodat God in alles wat julle doen, geëer, geloof en aanbid kan word deur Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Wie die eer, lof, grootheid en krag toekom vir 'n tydlose ewigheid. Dit is waar.
- 12 Julle vir wie ek lief is, verbaas julle nie oor die toetsinge wat oor julle kom, asof iets vreemds met julle gebeur nie, want dit is tot julle toetsing,
- 13 maar verheug julle daarin dat julle deel aan die lyding van dié Gesalfde Een, want net so sal julle jul ook verheug in die openbaring van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en spring van vreugde.
- 14 As julle beledig word oor die Karakter en Outoriteit van dié Gesalfde Een, is julle gelukkig omdat die Gees van eer, lof en aanbidding van God op julle rus, ^{Mat 5:11}
- 15 solank niemand van julle as moordenaar, dief of boosdoener ly nie.
- 16 As een egter as 'n volgeling van dié Gesalfde Een ly, moet hy hom nie skaam nie, maar laat hom God daardeur loof in hierdie Karakter en Outoriteit (Naam),
- 17 want dit is tyd dat die oordeel moet begin by die huis van God. As dit egter by ons begin, wat sal die gevolg wees vir dié wat nie oortuig is van die goeie boodskap van God nie?
- 18 As die onskuldige skaars kan lewe, ^{Spr 11:31} waar sal die bese en sondaar gevind word?
- 19 As gevolg hiervan, laat die wat volgens die wil van God ly, hulle gees aan Hom toevertrou deur goeie dade, soos aan 'n vertrouenswaardige Skepper.
- 5** 1 Ek beroep my op die oudstes onder julle, ek wat 'n mede-oudste en getuie van die lyding van dié Gesalfde Een is en deelgenoot is aan Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid wat openbaar sal word:
- 2 wees 'n herder vir die kudde van God wat julle volg en versorg hulle geestelik, nie uit dwang nie, maar met plesier; nie vir vuil wins nie, maar vanuit jou hele verstand, wil en emosie;
- 3 nie as base oor die kudde nie, maar as uitstekende voorbeelde vir hulle
- 4 en wanneer die Hoofherder openbaar sal word, sal julle 'n onverganklike kroon van eer en lof van Hom ontvang. ^{Yeg 34:1-}

- 5 Julle jongeres, moet aan jul oudstes gehoorsaam wees en wees almal streng aangetrek met nederigheid in julle gedagtes teenoor mekaar, want God opponeer die trotses, maar aan die nederiges gee Hy onverdiende guns. ^{Ya'a 4:6}
- 6 Word nederig gemaak onder die kragtige hand van God sodat dit julle kan oplik op die regte tyd.
- 7 Werp al julle bekommernisse op God, want Hy sorg vir julle. ^{Ps 55:23}
- 8 Wees waaksaam en wakker, want julle vyand, die teëstander, brul soos 'n leeu en loop rond en soek wie hy kan verslind.
- 9 Staan daarom teen hom ^{Ya'a 4:7} terwyl julle vasstaan in vertroue en weet dat julle broers oor die wêreld dieselfde lyding ondergaan.
- 10 Die God van onverdiende guns, wat ons geroep het tot Sy ewige Gemanifesteerde Teenwoordigheid deur Yeshua, dié Gesalfde Een; Hy wat vir ons gee terwyl ons hierdie klein bietjie smart vir 'n kort tydjie ly, om bekragtig, bevestig en vas te word in Hom tot in ewigheid;
- 11 aan Hom die eer, lof, aanbidding en die krag vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar.
- 12 Hierdie paar dinge het ek gedink om aan julle, deur Silvanuss, te skryf, van wie ek oortuig is dat hy 'n vertrouenswaardige broer is en ek getuig dat hierdie die ware onverdiende guns van God is waarin julle staan.
- 13 Die gekose gemeente in Bavel en Markos, my seun, stuur vrede vir julle.
- 14 Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen van liefde. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle almal wat in dié Gesalfde Een is!
- Dit is waar!

Die agste boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief geskryf deur Kefa, een van die twaalf
afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

2 Kefa

ܡܝܢܕ

{ Rots of Klip }
(2 Petrus)

Dit is bes moontlik kort na die eerste brief in die jaar 64,
vanaf Bavel, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit “John Gwynn’s edition of the General Epistles
from The Crawford Aramaic manuscript,” vanuit Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Shim'on Kefa, 'n slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die wat waardig geag is tot vertrou, gelyk aan ons in eer, deur die onpartydige opregtheid van ons Meester en ons Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een:
- 2 mag die onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle vermeerder word deur die leringe van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 3 As die Een wat vir ons al daardie dinge deur Sy lering gegee het, wat vanuit die Goddelike krag is, saam met die lewe en die aanbidding van God, het Hy ons geroep in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en Grootheid;
- 4 Hy wat deur hierdie groot en kosbare verklarings aan julle gegee het om deel te wees aan hierdie Goddelike natuur wanneer julle vlug van die korrupsie van die begeertes wat in die wêreld is.
- 5 Daar is nog dit: wanneer julle met ywer alles gebring het, voeg by julle vertrou, goedheid en by die goedheid, kennis
- 6 en by die kennis, volharding en by die volharding, geduld en by die geduld, respekvolle vrees vir God
- 7 en by die respekvolle vrees vir God, liefdevolle omgee vir die broers en by die liefdevolle omgee vir die broers, liefde,
- 8 want as julle hierdie dinge het en dit meer word, is hulle nie leeg of onvrugbaar in julle nie, maar vestig dit julle in die leringe van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 9 Hy wat hierdie dinge nie het nie, is blind en het vergeet van die reiniging van sy vorige sondes.
- 10 Aangaande dit, broers, doen moeite om julle roeping en verkiesing seker te maak deur goeie dade, want wanneer julle hierdie dinge doen, sal julle nooit val nie,
- 11 want só word daar ryklik vir julle ingang gegee in die ewige Koninkryk van ons Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 12 Ek word nie moeg om julle aan die waarheid van hierdie dinge te herinner nie, alhoewel julle dit ook goed ken en vasstaan in hierdie waarheid,
- 13 maar dit lyk vir my goed om so lank as wat ek in hierdie liggaam is, julle geheue wakker te maak
- 14 omdat ek weet dat ek spoedig my liggaam sal verlaat, soos ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, dit ook vir my gesê het ^{Yog 21:18,19}
- 15 en ek sal moeite doen sodat julle ook voortdurend nadat ek weg is, van hierdie dinge 'n rekord sal hou,
- 16 want ons het nie slim uitgewerkte mites gevolg toe ons julle vertel het van die wonderwerkende krag en koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, nie, maar ons was ooggetuies van Sy grootheid,
- 17 want toe Hy van God-die-Vader die waardering, eer, lof en grootheid ontvang het toe die stem uit die wonderlike grootheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid tot Hom gekom het: "Hierdie is My Seun wat Ek lief het, Hy waarmee Ek tevrede is," ^{Mat 17:5}

18 het ons ook daardie stem uit die hemel gehoor kom toe ons saam met Hom op die afgesonderde berg was. ^{Mat 17:1-8}

19 Vir ons is daar ook die waarheid van die profetiese woord, wat julle goed sal doen om na te kyk soos na 'n lamp wat in 'n donker plek skyn totdat die dag aanbreek en die son sal skyn in julle verstand, wil en emosie.

20 Eerstens moet julle dít weet: geen profesie word uitgelê deur die een wat dit skryf nie,

21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens gebring nie, maar wanneer deur die Gees wat Afgesonderd is beweeg, het die afgesonderde mense van God gepraat.

2 1 Daar was egter ook vals profete onder die mense, net soos daar onder julle vals leraars sal wees; hulle wat dwaalleringe tot vernietiging bring en die Meester wat hulle gekoop het, ontken terwyl hulle 'n vinnige vernietiging oor hulleself bring.

2 Baie sal hulle afskuwelikhede navolg en as gevolg van hulle sal van die pad van die waarheid kwaad gepraat word;

3 deur gierigheid en opgemaakte stories sal hulle uit julle 'n wins maak; dié wie se oordeel van die begin af nie passief is nie en wie se vernietiging nie slaap nie,

4 want as God die engele wat gesondig het, nie oorgesien het nie, maar hulle in duisternis vasgeketting en afgegooi het in die dieptes, om vir die oordeel tot foltering en pyniging gehou te word

5 en die ou wêreld nie oorgesien het nie, maar Noag, die agste persoon, die prediker van onpartydige opregtheid, met sewe ander, beskerm het, toe Hy die vloed oor die wêreld van bose mense gebring het ^{Gen 6-9}

6 en deur die stede van S'dom en 'Amorah tot as te verbrand, hulle veroordeel het tot uitwissing en as 'n voorbeeld gestel het vir hulle wat in die toekoms boos sou wees; ^{Gen 19}

7 [Hy het ook die onskuldige Lot gered, wat die vernedering van die verwerplike lewenswyse van die wettelose mense gely het,

8 want terwyl hy gesien en gehoor het, is dié onskuldige man, wat onder hulle gebly het, dag vir dag in sy onskuldige gees gepynig oor hulle wettelose dade;]

9 weet יְהוָה om dié wat Hom respektvol vrees, te red uit die lyding, maar die bose te hou vir die dag van oordeel terwyl hulle gefolter en gepynig word,

10 veral dié wat die vlees najaag in vuil begeerlikhede en teen outoriteit praat. Vermetel en arrogant, bewe hulle nie vir Sy Teenwoordigheid as hulle kwaadpraat nie

11 terwyl die engele, alhoewel groter in vermoëns en krag, geen oordeel van kwaadpraat vanaf יְהוָה teen hulleself bring nie.

12 Hulle is egter soos redelose diere van natuur, gemaak vir slagting en vernietiging; hulle praat kwaad teen wat hulle nie ken nie. Hulle sal deur hulle eie korrupsie vernietig word

13 wanneer hulle wat boos is die loon van boosheid sal ontvang. Hulle idee van plesier is sensuele begeertes in helder daglig. Hulle is besoedel en vol gebreke en wanneer hulle hul liefdesmaal hou, vergryp hulle hulself

- 14 terwyl hulle oë vol hoerery en sonde is, wat nie ophou nie, soos hulle dié met 'n onvaste gees verlei. Hulle het 'n verstand, wil en emosie geoefen in gierigheid. Hulle is seuns van die vervloeking.
- 15 Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, ^{Num 22} gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het,
- 16 maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie ^{Num 22:28} wat gepraat het met die stem van 'n mens en die malligheid van die profeet verhoed het.
- 17 Hulle is fonteine sonder water; ^{Yir 2:13} wolke gedryf deur 'n storm, vir wie die swartheid van die duisternis bewaar word,
- 18 want wanneer hulle lê verskrikkinge kwytraak, verlei hulle, deur die vuil begeertes van die vlees, dié wat deur 'n paar woorde ontvlug het van hulle wat in misleiding se diens is.
- 19 Hulle belowe vir hulle vryheid terwyl hulle self slawe van die korrupsie geword het, want waardeur 'n mens oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword,
- 20 want as hulle ontsnap het uit die verwerplikhede van die wêreld, deur die leringe van ons Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een en hulle weer verstrik word daarin en oorweldig word, dan is die einde vir hulle erger as die begin,
- 21 want dit sou vir hulle beter wees as hulle nie die pad van onpartydige opregtheid geken het nie, as dat hulle nadat hulle dit leer ken het, hulle later omgedraai het van die afgesonderde opdragte wat aan hulle oorgegee is, ^{Heb 6:1-4}
- 22 maar oor hulle het gekom wat die spreekwoord in waarheid sê: “Die hond het omgedraai na sy eie braaksel” en “die sog, wat gewas is, na die rondrollery in modder.”
- 3** 1 Hierdie is nou die tweede brief wat ek vir julle, wat ek lief het, skryf, waarin ek suiwer gedagtes wil opwek deur julle te herinner
- 2 om die profetiese woorde te onthou, wat deur die afgesonderde profete oorgedra is en ons Meester en Verlosser se opdragte wat deur die afgevaardigdes gegee is.
- 3 Soos julle reeds weet, sal daar in die laaste dae spotters kom wat spot terwyl hulle volgens hulle eie begeertes leef
- 4 en sê: “Waar is die belofte van Sy koms, want vandat die vaders dood is, bly alles net soos dit was van die begin van die skepping af.”
- 5 Hulle is opsetlik onkundig dat daar lank terug al hemele was en land wat vanuit water en tussen water ontstaan het deur die boodskap van God, ^{Gen 1; Yog 1:1}
- 6 waardeur die wêreld van daardie tyd met water oorstrom en vernietig is,
- 7 maar die huidige hemele en die aarde is deur dieselfde boodskap bewaar ^{Yes 66:15} en opsy gesit vir die vuur op die dag van oordeel en die vernietiging van bose mense.
- 8 Oor hierdie een ding moet julle vir wie ek lief is, nie onkundig wees nie: dat een dag by יְהוָה soos 'n duisend jaar is en 'n duisend jaar soos een dag. ^{Ps 90:4}
- 9 יְהוָה verdraag nie die belofte soos sommige dit beskou as vertraging nie, maar Hy is ter wille van julle, daarin geduldig, want Hy wil nie hê dat enige een vernietig moet word nie, maar dat almal hulle sal omdraai na Hom toe.

- 10 Die dag van יְהוָה ^{Yes 13:9,10; Yir 46:10} sal egter kom soos 'n dief in die nag, ^{1 Thes 5:2; Open 3:3} waarin die hemele in stilte sal verbygaan, ^{Yeg 32:7-8} maar die elemente vernietig word wanneer dit aan die brand gesteek word en die aarde en die dae wat daarop is, openbaar sal word. ^{Yes 30:30; Ps 97:3,5}
- 11 Wanneer al hierdie dinge dan vernietig word, is dit nie reg vir julle om in julle lewenswyse afgesonderd en in aanbidding tot God te wees nie?
- 12 Terwyl julle die koms van die dag van God verwag en ywerig begeer, wanneer die hemele, wanneer deur vuur getoets, sal vergaan en die elemente, wanneer aan die brand gesteek, sal smelt, ^{Ps 50:3}
- 13 maar ons verwag volgens Sy belofte, nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin onpartydige opregtheid sal bly; ^{Yes 65:17-19; 66:22; Open 19:8}
- 14 daarom moet julle vir wie ek lief is terwyl julle hierdie dinge verwag, moeite doen dat julle vlekkeloos en skuldloos voor Hom gevind mag word in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid
- 15 en beskou die geduld van יְהוָה as redding, net soos die broer vir wie ons lief is, Sha'ul, ook met die wysheid wat vir hom gegee is, aan julle geskryf het.
- 16 Soos in al sy briewe, praat hy oor hierdie dinge, waarvan sommige moeilik is om te verstaan, wat die onkundiges en onstabiele mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie vernietiging;
- 17 daarom moet julle, vir wie ons lief is en dit vooraf weet, versigtig wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die misleiding van wettelose mense en wegval uit jul eie standvastigheid nie,
- 18 maar julle moet groei in die onverdiende guns en kennis van ons Meester en Verlosser, Yeshua, dié Gesalfde Een en van God-die-Vader, aan Wie die eer, lof en aanbidding nou en altyd toekom tot in ewigheid. Dit is waar!

Die negende boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief geskryf deur Yoganan, een van die twaalf
afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

1 Yoganan

יֹחָנָן

{ יְהוּדָה } gee onverdiende guns (genade) }

(1 Johannes)

Dit is bes moontlik in die tweede helfte van die eerste eeu,
vanaf Efesos, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Ons het aan julle die goeie boodskap verkondig van Hom wat vanaf die aanvang was. Hom wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien en ervaar het en met ons hande aangeraak het; Hy wat die boodskap van Lewe is. ^{1 Kef 1:25}
- 2 Die Lewe is openbaar en ons het gesien, ons getuig van en verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons openbaar is.
- 3 Hy vir Wie ons gesien en gehoor het, openbaar ons ook aan julle sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 4 Ons skryf hierdie dinge aan julle sodat ons blydskap, wat in julle is, volmaak kan wees.
- 5 Dit is die goeie boodskap wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is Lig en daar is absoluut geen duisternis in Hom nie. ^{Yog 1:4-9}
- 6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en ons loop in duisternis, dan lieg ons en is ons nie in die waarheid ingelig nie,
- 7 maar as ons in die lig loop soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar en die bloed van Yeshua, Sy Seun, ^{Yes 1:16-17; Mal 3:2-4} reinig ons van al ons sondes.
- 8 As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die Waarheid is nie in ons nie. ^{Spr 20:9}
- 9 As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. ^{Ps 19:13-14; Ps 139:23-24}
- 10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot leuenaar en is Sy boodskap nie by ons nie.
- 2 1 Seuns, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie moet sondig nie en as iemand sondig, is daar vir ons by die Vader die Loskoper vanuit die vloek, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Onskuldige, ^{1 Kefa 3:18}
- 2 want Hy is die Vryspraak en Toedekking vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
- 3 Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. ^{Eks 19:5}
- 4 Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, ^{1 Yog 3:4; 1 Kor 8:3}
- 5 maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: ^{Yog 14:23,24}
- 6 hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. ^{1 Kef 2:21}
- 7 Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou opdrag, wat julle van die aanvang af gehad het. ^{Efe 2:10} Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het
- 8 en tog skryf ek aan julle 'n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle: dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn. ^{Yog 12:35,36,46}
- 9 Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis. ^{Lev 19:17}
- 10 Wie sy broer voortdurend lief het, bly in die Lig en daar is geen oortreding in hom nie,

- 11 maar hy wat sy broer haat, is in die duisternis en leef in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë blind gemaak het.
- 12 Seuns, ek skryf vir julle, wie se sondes vergewe is deur die toedoen van Sy Karakter en Outoriteit (Naam).
- 13 Vaders, ek skryf vir julle omdat julle Hom ken wat van die aanvang af is.
Jongmanne, ek skryf vir julle omdat julle hom, die bose een, oorwin het.
Seuns, ek het vir julle geskryf omdat julle die Vader ken.
- 14 Vaders, ek het aan julle geskryf omdat julle Hom ken wat van die aanvang af is.
Jongmanne, ek het aan julle geskryf omdat julle sterk is en die boodskap van God in julle bly en julle die bose een oorwin het.
- 15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld lief het, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie,
- 16 want alles wat van die wêreld is, die begeertes van die vleeslike liggaam, die smagtinge van die oë en die arrogansie van die tydelike lewe, is nie uit die Vader nie, maar is vanuit die wêreld.
- 17 Die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, leef voort tot in ewigheid.
- 18 My seuns, dit is die laaste van tyd en soos julle gehoor het, kom die vals gesalfde en daar is nou reeds baie vals gesalfdes, waardeur ons weet dat dit die laaste van tyd is.
- 19 Hulle het van ons af uitgegaan, maar hulle was nie deel van ons nie, want as hulle deel van ons was, sou hulle by ons gebly het, maar hulle het van ons af uitgegaan om te wys dat hulle nie van ons was nie.
- 20 Daar is 'n salwing vir julle van HaKadosh (die Afgesonderde Een) en julle moet elke persoon onderskei.
- 21 Ek het nie aan julle geskryf omdat julle nie die waarheid ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen vanuit die waarheid is nie.
- 22 Wie is die leuenaar anders, as hy wat ontken dat Yeshua dié Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun.
- 23 Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader. Yog 20:28; 2 Yog 1:7, 9,10
- 24 Wat julle van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As dit wat julle van die begin af gehoor het in julle bly, dán sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.
- 25 Dit is die belofte wat Hy aan ons gemaak het, naamlik die ewige lewe.
- 26 Hierdie dinge het ek aan julle geskryf aangaande diegene wat julle verlei.
- 27 Ook vir julle: dat as julle bly in die Salwing wat julle van Hom ontvang het, julle niemand nodig het om julle te leer nie, maar soos die Salwing wat van God is julle aangaande alles leer en waar is en daar geen leuen in Hom is nie en soos Hy julle geleer het, so moet julle in Hom bly. Yir 31:34; Yog 14:26; Efe 2:1; 3:17-19
- 28 Bly nou in Hom, my seuns sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie skaam van Hom af wegdraai by Sy koms nie. Gen 3:9-11
- 29 As julle weet dat Hy onpartydig opreg is, dan weet julle dat elkeen wat onpartydig opreg leef, vanuit Hom is.

- 3 1 Let op hoe oorfloedig die liefde van die Vader vir ons is: dat Hy ons seuns genoem en ook kinders gemaak het! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie omdat dit Hom ook nie ken nie.
- 2 Julle vir wie ons lief is, ons is nou seuns van God en dit is tot nou toe nie openbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy openbaar word, na Sy beeld sal wees en Hom sal sien net soos Hy is
- 3 en elkeen wat hierdie versekerde verwagting in Hom het, reinig homself soos Hy rein is, Lev 11:47; 2 Kor 6:17
- 4 maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees.
- 5 Julle weet dat Hy openbaar is om ons sondes weg te vat en dat daar geen sonde in Hom is nie.
- 6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.
- 7 Seuns, laat niemand julle mislei nie: wie onpartydig opreg is, is onskuldig net soos Hy, dié Gesalfde Een, onskuldig is. Spr 14:32
- 8 Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die teëstander te vernietig.
- 9 Almal wat uit God gebore is, doen nie sonde nie omdat Sy Saad in hom bly en hy kan nie aanhou sondig nie, want hy is uit God gebore.
- 10 Hierin word die seuns van God van die seuns van die teëstander onderskei: elkeen wat nie voortdurend onpartydig opreg is of sy broer voortdurend lief het nie, is nie van God nie,
- 11 want dit is die opdrag wat julle van die begin af gehoor het: dat julle mekaar moet liefhê,
- 12 nie soos Kayin wat van die bose een was en sy broer doodgemaak het nie. Waarom het hy hom doodgemaak? Gen 4:3-10 Omdat sy dade boos was en dié van sy broer onskuldig.
- 13 Moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie, my broers.
- 14 Hierin weet ons dat ons weggegaan het vanuit die dood na die lewe toe: indat ons die broers voortdurend lief het. Hy wat sy broer nie voortdurend lief het nie, bly in die dood.
- 15 Elkeen wat sy broer haat, vermoor 'n persoon en julle weet dat die ewige lewe nie in iemand wat 'n persoon vermoor, kan bly nie. Mat 5:21-24
- 16 Hieraan ken ons Sy liefde teenoor ons: dat Hy Sy lewe in ons plek gegee het en dit is reg vir ons om ons lewens ter wille van ons broers te gee.
- 17 Wie ook al besittings van die wêreld het en sien dat sy broer 'n behoefte het en sy liefdevolle omgee van hom weerhou, hoe bly die liefde van God in hom?
- 18 Seuns, laat ons mekaar nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid
- 19 en hierdeur word dit bekend gemaak dat ons vanuit die waarheid is en voordat Hy kom, word ons verstand, wil en emosie daardeur verseker,

- 20 want as ons verstand, wil en emosie ons veroordeel, God is groter as ons verstand, wil en emosie en Hy weet alles.
- 21 Julle vir wie ons lief is, as ons verstand, wil en emosie ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God ^{Ps 139:23-24}
- 22 en alles wat ons vra, sal ons van Hom af ontvang omdat ons Sy opdragte uitvoer en voor Hom goed doen.
- 23 Dit is Sy opdrag: dat ons moet vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Sy Seun, Yeshua, dié Gesalfde Een en mekaar voortdurend liefhê soos Hy ons beveel het
- 24 en wie ook al Sy opdragte uitvoer, word deur Hom beskerm en Hy bly in hom. Hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gee.
- 4** 1 Julle, vir wie ons lief is, vertrou nie elke gees nie, maar onderskei die geeste of hulle vanuit God is, want baie vals profete het uitgegaan die wêreld in.
- 2 Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God ^{1 Kor 12:3}
- 3 en elke gees wat nie erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is.
- 4 Julle is seuns vanuit God en het hulle oorwin omdat Hy wat in julle is groter is as hy wat in die wêreld is.
- 5 Hulle is vanuit die wêreld; daarom praat hulle vanuit die wêreld en die wêreld gehoorsaam hulle.
- 6 Ons is vanuit God. Hy wat God ken, luister na ons en gehoorsaam ons. Hy wat nie vanuit God is nie, luister nie na ons nie en gehoorsaam ons nie. Hierdeur onderskei ons die Gees van waarheid en die gees van misleiding.
- 7 Julle vir wie ons lief is, laat ons mekaar liefhê, want liefde is vanuit God en elkeen wat lief het, is vanuit God gebore en ken God
- 8 omdat God Liefde is en elkeen wat nie lief het nie, ken God nie.
- 9 Hierin is die liefde van God vir ons openbaar: dat God Sy enigste uniekgebore Seun in die wêreld ingestuur het sodat dit deur Hom kan lewe. ^{Yog 3:16}
- 10 Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun, die Vryspraak en Toedekking van ons sondes, gestuur het.
- 11 Julle, vir wie ons lief is, as God ons so lief het, is ons dit verskuldig om mekaar lief te hê.
- 12 Niemand het God ooit gesien nie. As ons mekaar lief het, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword.
- 13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: dat Hy ons Sy Gees gegee het
- 14 en ons het gesien en ons getuig dat die Vader Sy Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.
- 15 Elkeen wat bely dat Yeshua die Seun van God is; in hom bly God en hy in God.
- 16 Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het, want God is Liefde en elkeen wat in die liefde bly, bly in God.

- 17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword: dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want net soos Hy is, so is ons ook in hierdie wêreld.
- 18 Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde gooi die vrees buitekant weg, want die vrees is in agterdog en hy wat nie vrees nie, is ontwikkel in liefde.
- 19 Ons moet God daarom liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het.
- 20 As iemand sê: 'Ek het God lief' en sy broer haat, is hy 'n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie lief het nie, hoe kan hy God liefhê, wat hy nie kan sien nie? Lev 19:17
- 21 Hierdie opdrag het ons van Hom ontvang: dat elkeen wat God lief het, ook sy broer moet liefhê.
- 5** 1 Elkeen wat vertrou dat Yeshua dié Gesalfde Een is, is uit God gebore en elkeen wat die ouer lief het, het ook dié een lief wat uit hom gebore is.
- 2 Hieraan weet ons dat ons die seuns van God lief het: wanneer ons God lief het en Sy opdragte uitvoer,
- 3 want dit is die liefde vir God: dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie 'n las nie, Deut 30:11; Yog 14:15; 15:14; Rom 8:7,8
- 4 want elkeen wat uit God gebore is, oorwin vir homself die wêreld en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons vertroue.
- 5 Wie anders is dit wat oorwinning oor die wêreld het, as dit nie hy is wat vertrou dat Yeshua die Seun van God is nie?
- 6 Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua dié Gesalfde Een; nie deur water alleen nie, maar deur water en bloed
- 7 en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid.
- 8 Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid.
- 9 As ons die getuienis van 'n mens aanvaar, hoeveel groter is die getuienis van God? Hierdie is die getuienis van God wat Hy aangaande Sy Seun getuig.
- 10 Elkeen wat aanhou vertrou in die Seun van God, het hierdie getuienis in homself. Elkeen wat God nie aanhou vertrou nie, maak Hom tot leuenaar omdat hy die getuienis nie vertrou wat God aangaande Sy Seun getuig nie.
- 11 Dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het en dié Lewe is in Sy Seun.
- 12 Hy wat vashou aan die Seun, hou vas aan die Lewe en elkeen wat nie die Seun van God vashou nie, het nie die Lewe nie. Yog 14:6; Open 12:17; 14:12
- 13 Hierdie dinge het ek aan julle geskryf sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het; dié wat aanhou vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die Seun van God. Luk 21:19; Open 2:3,7
- 14 Dit is ons versekering teenoor Hom: dat wat ons ook al, volgens Sy wil vra, Hy ons hoor Yog 15:7
- 15 en as ons oortuig is dat Hy ons hoor aangaande alles wat ons van Hom vra, dan vertrou ons dat ons nou reeds die objek van ons begeertes ontvang wat ons van Hom gevra het. Yog 15:7; Heb 11:1

16 As iemand sy broer 'n sonde sien doen wat nie 'n straf tot die dood toe het nie, moet hy vra en vir hom sal Lewe gegee word; vir hulle wat sondig wat nie tot die dood toe is nie. Daar is sonde wat tot die dood is; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

17 Alle boosheid is sonde en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.

18 Ons weet dat elkeen wat vanuit God gebore is, nie sondig nie, ^{Rom 6:1-2} want hy wat vanuit God gebore is, beskerm sy lewe en die Bose een raak nie aan hom nie.

19 Ons weet dat ons vanuit God is en dat die hele wêreld in die Bose een lê.

20 Ons weet dat die Seun van God gekom het en aan ons begrip gegee het om te weet Wie die Waarheid is en ons is in die Waarheid en in Sy Seun, Yeshua, dié Gesalfde Een. God is Waarheid en die Ewige Lewe.

21 My seuns, hou julleself weg van die aanbidding van afgode. ^{Eks 34:17; Lev 19:4; 1 Kor 10:7}

Die tiende boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief geskryf deur Yoganan, een van die twaalf
afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

2 Yoganan

יִיחָנָן

{ יְהוָה } gee onverdiende guns (genade) }
(2 Johannes)

Dit is bes moontlik kort ná die eerste brief vanuit Efesos
geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit “John Gwynn’s edition of the General Epistles
from The Crawford Aramaic manuscript,” vanuit Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Die oudste: aan die gekose vrou en haar seuns, wat ek in waarheid lief het en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die Waarheid ken,
- 2 as gevolg van die Waarheid wat in ons bly en tot in ewigheid by ons is.
- 3 Laat daar by ons in waarheid en in liefde wees: onverdiende guns, liefdevolle omgee, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God-die-Vader en vanaf ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Seun van die Vader.
- 4 Ek was baie bly toe ek van jou seuns gekry het wat in waarheid leef, volgens die opdrag wat ons van die Vader gekry het
- 5 en nou vra ek van jou, vrou, nie asof ek 'n nuwe opdrag aan jou skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.
- 6 Dit is liefde: dat ons leef volgens Sy opdragte. Dit is die opdrag, wat julle van die begin af gehoor het, waarin julle leef, ^{Yog 15:14}
- 7 want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen dié Gesalfde Een. ^{1 Yog 2:22-23}
- 8 Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle 'n volle loon kan ontvang.
- 9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van dié Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.
- 10 As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, “welkom aan jou,” nie,
- 11 want hy wat vir hom sê “welkom aan jou,” het deel aan sy bose dade.
- 12 Alhoewel ek baie het om aan julle te skryf, wou ek dit nie met perkament en ink doen nie, maar ek hoop om na julle toe te kom en persoonlik te praat sodat ons blydschap volkome kan wees.
- 13 Die seuns van jou gekose suster stuur vrede vir jou. Dit is waar.

Die elfde boek van die Nuwe Verbond

Die derde brief geskryf deur Yoganan, een van die twaalf
afgevaardigdes van Yeshua, dié Gesalfde Een.

3 Yoganan

יִּוְחָנָן

{ יְהוּדָה } gee onverdiende guns (genade) }
(3 Johannes)

Dit is bes moontlik kort na die tweede brief, vanaf Efesos,
geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit “John Gwynn’s edition of the General Epistles
from The Crawford Aramaic manuscript,” vanuit Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Die oudste: Liewe Gaios, wat ek in waarheid lief het.
- 2 Jy, vir wie ons lief is, ek bid dat dit met jou in alles voorspoedig mag gaan en dat jy gesond is, net soos dit met jou gees voorspoedig gaan,
- 3 want ek was baie bly toe daar broers kom en van jou vertrouenswaardigheid getuig, net soos jy voortdurend in die waarheid leef.
- 4 Niks gee my groter blydschap, as dat ek hoor dat my seuns in die waarheid leef, nie.
- 5 Jy, vir wie ons lief is, jy doen alles wat jy doen, in vertroue vir die broers en spesiaal vir dié wat vreemdelinge is,
- 6 aan wie jy goed gedoen het en vir hulle, waardig voor God, voorsien het, wat van jou liefde voor die hele gemeente getuig het,
- 7 want hulle het vir Sy Naam (Karakter en Outoriteit) uitgegaan sonder om iets van die ongelowiges te neem.
- 8 Ons is dit daarom verskuldig om sulke mense te ontvang sodat ons medewerkers van die waarheid kan wees.
- 9 Ek wou aan die gemeente skryf, maar Diotrefes, wat onder hulle die belangrikste wil wees, het ons nie ontvang nie.
- 10 As gevolg hiervan, sal ek, as ek sou kom, die dae onthou wat hy gedoen het. Hy het met beseerde woorde sleg gepraat van ons en asof dit nie genoeg is nie, het hy nie hierdie broers ontvang nie en verbied ook dié wat dit wil doen en gooi hulle uit die gemeente uit.
- 11 Jy, vir wie ons lief is, moenie navolg wat boos is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen, is vanuit God, maar hy wat die beseerde doen, het God nie gesien nie.
- 12 Aangaande Demetrios: hy het 'n getuienis by almal, by die gemeente en vanaf die Waarheid self. Ons getuig ook van hom en julle weet dat ons getuienis waar is.
- 13 Ek het baie dinge gehad om vir jou te skryf, maar ek wil nie met ink en rietpen vir jou skryf nie,
- 14 maar ek hoop om jou gou te sien en persoonlik te praat. Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir jou! Die vriende stuur vrede vir jou. Stuur vrede vir die vriende elkeen by die naam.

Die twaalfde boek van die Nuwe Verbond

Die brief is deur Y'hudah, broer van Ya'akov en seun
van Miryam, die moeder van Yeshua, dié Gesalfde Een,
geskryf.

Y'hudah

ܝܗܘܕܐ

{ Hy sal geprys word }
(Judas)

Dit is bes moontlik geskryf in die jare 70s.

In Afrikaans vertaal vanuit “John Gwynn’s edition of the General Epistles
from The Crawford Aramaic manuscript,” vanuit Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Y'hudah, die dienskneg van Yeshua, dié Gesalfde Een en broer van Ya'akov: aan die ander nasies, wat deur God-die-Vader, as hulle vir wie ons lief is, geroep is en deur Yeshua, dié Gesalfde Een, bewaar word:
- 2 mag liefdevolle omgee, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en liefde vir julle vermenigvuldig word!
- 3 Julle vir wie ons lief is: terwyl ek in alle erns, oor die lewe wat ons deel, skryf, is ek oortuig om julle deur my skrywe op te roep om ernstig te stry vir die vertroue wat eenmaal aan die afgesonderdes oorgegee is,
- 4 want mense, waaroor lank gelede reeds geskryf is vir hierdie oordeel, het toegang verkry; bese mense wat die onverdiende guns van ons God verdraai tot 'n verwerplike en Hom wat die enigste Meester-God is en ons Meester, Yeshua dié Gesalfde Een, ontken. ^{Yog 17:3}
- 5 Ek wil julle egter herinner, soos julle reeds weet, dat God, toe Hy die volk uit Mitzrayim uitgehaal het, hulle wat nie vertrou het nie, daarna vernietig het
- 6 en die engele, wat nie binne hulle oorspronklike outoriteitsfeer gebly het nie, maar hulle eie lewenswyse verlaat het, vir die groot oordeelsdag in die onbekende duisternis met boeie vasgebind het.
- 7 Net soos S'dom, 'Amorah en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hulle agter seksuele permissiwiteit en ander vleeslikhede aangeloop het, onder 'n demonstrasie van die straf van ewige vuur geplaas is, soos hulle skuldig bevind is tot veroordeling,
- 8 nêr so hierdie wat in drome deur begeertes die vlees besmet en outoriteite verwerp en kwaad praat teen die Gemanifesteerde Teenwoordigheid,
- 9 maar toe Mikha'el, die hoofengel, met die teëstander gepraat het oor die liggaam van Mosheh, het hy geen oordeel van kwaadpraat teen hom gebring nie, maar hy het gesê: 'יהוה' bestraf jou!' ^{Z'kh 3:1-2}
- 10 Hierdie mense praat egter kwaad teen alles wat hulle nie verstaan nie en alles wat hulle, soos redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur word hulle vernietig.
- 11 Wee hulle wat; op die pad van Kayin ^{Gen 4:1-16} gegaan het, agter die misleiding van Bil'am ^{Num 22} aan, met blydskap vir geld betower is en vernietig is in die rebellie van Korag. ^{Num 16}
- 12 Dit is hulle wat tekere gaan by hulle feeste terwyl hulle onrein is en hulleself voed sonder vrees; waterlose wolke deur winde rondgedrywe; dooie bome sonder vrugte, wat twee maal dood is, uitgetrek by die wortels;
- 13 wilde golwe van die see, wat hulle skandes wys deur hulle skuim; dwalende sterre, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig gereserveer word.
- 14 Hanokh, ^{Gen 5:18-24} die sewende geslag van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: 'Let op, יהוה' kom met 'n tallose menigte van Sy afgesonderdes,
- 15 om oordeel te vel oor almal en al die mense te straf; die wat boosheid gedoen het vir hulle daade en oor al die harde woorde wat die bese sondaars gesê het.'
- 16 Dit is hulle wat murmureer en kla oor alles terwyl hulle volgens hulle eie begeertes leef en met hulle mond skuld uitspreek en mense vlei ter wille van voordeel,

- 17 maar julle, vir wie ons lief is, onthou die boodskappe wat vroër verkondig is deur die afgevaardigdes van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 18 wat vir julle gesê het: 'In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie begeertes agter boosheid aangaan.'
- 19 Dit is hulle wat die natuurlike mens uitlig, want die Gees is nie by hulle nie.
- 20 Julle egter, vir wie ons lief is, wees bemoedig in julle afgesonderde vertroue van bo af deur die Gees wat Afgesonderd is terwyl julle bid.
- 21 Laat ons onself in die liefde van God hou terwyl ons uitkyk vir die aktiewe omgee van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een tot ons ewige lewe
- 22 en sommige van die wat in die vuur is uitruk.
- 23 Wanneer hulle erken, berou het en wegdraai, wys liefdevolle omgee aan hulle met respek terwyl julle selfs die klere haat wat deur die sondige natuur bevlek is.
- 24 Aan Hom wat in staat is om ons te bewaar sonder oortreding en sonder ontering en ons sonder vlek laat staan,
- 25 Hy alleen is God, ons Verlosser, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester; aan Hom kom toe die lofprysing, die danksegging, die eer en die majesteit, nou en tot in alle tye! Dit is waar.

Die dertiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan die gemeente in Rome.

Romaya **(Romeine)**

{Rome - Die hoofstad van die Romeinse Republiek & Ryk}
(Geskryf aan gemeentes wat in verskillende huise in Rome
bymeekaargekom het.)

Dit is in 56-58 te Korinthos geskryf terwyl Sha'ul by Gaios
gebly het en is na Rome geneem deur Foibe van Kengreai.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n geroepe slaaf van Yeshua, dié Gesalfde Een, 'n afgevaardigde, afgesonder vir die goeie boodskap van God
- 2 wat Hy van die begin af deur Sy profete beloof het in die afgesonderde Skrifte,
- 3 aangaande Sy Seun, wat na die vlees gebore is uit die saad van die huis van Dawid
- 4 en deur die Gees wat Afgesonderd is, met krag openbaar is deur die opstanding uit die dood as die Seun van God: Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester.
- 5 In Hom het ons onverdiende guns en die amp as afgevaardigde onder alle nasies ontvang sodat hulle die vertroue van Sy Karakter en Outoriteit kan gehoorsaam,
- 6 want ook julle is deur Yeshua, dié Gesalfde Een, vanuit hulle geroep.
- 7 Aan almal wat in Rome is, vir wie God lief is, geroep en afgesonderd: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God, ons Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 8 In die eerste plek dank ek my God in Yeshua, dié Gesalfde Een, vir julle almal, want oor die hele wêreld word daar van julle vertroue gehoor.
- 9 God, wat ek in my gees dien deur die goeie boodskap van Sy Seun, is my Getuie dat ek julle elke keer in my gebede onthou.
- 10 Ek soek guns dat daar nou vir my 'n manier, deur die wil van God, oopgemaak sal word, om na julle toe te kom,
- 11 want ek begeer sterk om julle te sien en vir julle 'n geskenk vanaf die Gees te gee sodat julle versterk mag word in Hom.
- 12 Saam sal ons deur julle, sowel as my vertroue, bemoedig kan word.
- 13 Ek wil dat julle weet, broers, dat ek dikwels begeer het om na julle toe te kom sodat daar ook onder julle vir my vrug kan wees, soos onder die ander nasies, maar tot nou toe verhinder is.
- 14 Ek is verskuldig om aan elke persoon te verkondig; teenoor Grieke sowel as barbare, teenoor wyse sowel as oningeligte mense.
- 15 Ek doen daarom moeite om ook aan julle wat in Rome is, die goeie boodskap te verkondig,
- 16 want ek skaam my nie oor die goeie boodskap nie, want dit is die krag van God tot lewe vir elkeen wat aanhou om daarin te vertrou, of dit eerstens vir die Jood is of vir die ander nasies. ^{Yir 1:17}
- 17 Daarin word die onpartydige opregtheid van God openbaar deur vertroue tot vertroue volgens wat geskryf is: ^{Hav 2:4; Mar 9:23; Heb 11:6} “Die regverdige sal vanuit vertroue lewe.”
- 18 Die woede van God word daarom van die hemel af openbaar oor al die boosheid en onregverdigheid van die kinders van die mens, hulle wat die waarheid deur boosheid verhoed
- 19 aangesien 'n kennis van God aan hulle openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. ^{Ps 97:6}
- 20 Die geheime van God, asook Sy ewige krag en Goddelikheid, word, van die skepping van die heelal af, aan Sy skepsele in hulle intelligensie openbaar sodat hulle geen verskoning het nie ^{Ps 19:2-5; Yog 6:45; Hand 17:27; Tit 2:11}

- 21 omdat hulle God geken het en Hom nie as God vereer, geloof en aanbid, ^{Ps 14:3} of Hom gedank het nie, ^{Deut 28:47; Ps 50:23; Dan 5:23; 1 Kro 16:27-29; Luk 17:18} maar gebrekkig geword het in hul redenering en hulle verstand, wil en emosie dof geword het, sonder begrip. ^{Efe 4:17-19}
- 22 Toe hulle in hulleself gedink het hulle is wys, het hulle dwase geword ^{Ps 92:7}
- 23 en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die onverderflike God verander om te lyk soos die beeld van 'n verderfbare mens en die beelde van voëls, viervoetige diere en reptiele. ^{Eks 20:4}
- 24 As gevolg daarvan het God hulle oorgegee aan die vuil begeertes van hulle verstand, wil en emosie om hulle liggame onder mekaar te onteer ^{Yeg 22:31}
- 25 en hulle het die waarheid van God verruil vir die valsheid en hulle het dinge wat geskep is, vereer en gedien, meer as hulle Skepper, aan Wie al die lofprysing en seën toekom tot in alle ewigheid. Dit is waar!
- 26 As gevolg hiervan het God hulle oorgegee aan siektes van skande, ^{Spr 5:11-13} want hulle vroue het die natuurlike begeertes verander en gewoon geraak aan dit wat nie natuurlik is nie ^{Lev 18:22,23; 20:13; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10}
- 27 en net so het ook die mans die natuurlike seksuele begeertes na die vrou opgegee en brand in hulle begeertes na mekaar. Manne het met manne skandelijke dade gepleeg en in hulle persoon die toepaslike straf van hulle misleiding gekry
- 28 en omdat hulle in hulleself besluit het om God nie te ken nie, het God hulle oorgegee aan 'n waardelose denke sodat hulle doen wat nie reg is nie:
- 29 hulle is vol allerhande onregverdigheid, seksuele immoraliteit, boosheid, bitterheid, begeertes na meer; vol jaloesie, moord, stryery, misleiding, bose redenering,
- 30 klagtes, skinder, haat teenoor God, beledigings, trots, grootpraat, uitvindings van boosheid, redeloosheid en ongehoorsaamheid aan hulle ouers
- 31 en omdat daar geen stabiliteit in hulle is nie, is daar geen liefde, vrede of omgee in hulle nie;
- 32 hulle wat - terwyl hulle die oordele van God ken dat dié wat sulke dinge doen, veroordeel is tot die dood - nie alleen self dié dinge doen nie, maar ook assosieer met hulle wat dit doen. ^{Ps 49:14}
- 2 1 As gevolg hiervan is daar nie 'n verskoning vir jou, o mens wat jou naaste veroordeel nie, want waaroor jy jou naaste oordeel, is jyself skuldig aan, want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge,
- 2 maar ons weet dat die oordeel van God in waarheid bestaan oor die wat sulke dinge voortdurend doen.
- 3 Hoekom dink jy, o mens, wat hulle veroordeel wat sulke dinge voortdurend doen en dit sêlf doen dat jy die oordeel van God sal ontvlug?
- 4 Of waag jy dit teen die rykdom van Sy sagte goedheid en teen die geduld van Sy Gees en teen die plek wat Hy vir jou gegee het en besef jy nie dat die sagte goedheid van God jou wil lei om van die sonde af weg te draai na God toe nie?
- 5 As gevolg van die onsensitiwiteit van jou verstand, wil en emosie wat nie wil wegdraai van sonde af nie, versamel jy vir jou 'n skat van toorn vir die dag van die toorn en openbaring van die regverdige oordeel van God.
- 6 Hy wat elkeen beloon volgens sy dade: ^{Ps 62:13; Spr 24:12; Iyov 34:11}

- 7 aan die wat deur die geduldige volharding in goeie werke die Gemanifesteerde Teenwoordigheid, waarde en onverganklikheid soek, gee Hy die ewige lewe,
- 8 maar aan die wat die waarheid weerstaan en nie gehoorsaam nie, maar aan die bose gehoorsaam is, gee Hy woede, toorn,
- 9 lyding en moeilikheid; aan elke mens wat aanhou om die bose te doen, eerstens aan die Jood en ook aan die Arameër,
- 10 maar die Gemanifesteerde Teenwoordigheid, eer, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir elkeen wat aanhou goed doen, eerstens vir die Jood en ook vir die Arameër,
- 11 want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.
- 12 Hulle wat sonder die geskrewe wet gesondig het, sal ook sonder die geskrewe wet vernietig word en hulle wat die geskrewe wet oortree het, sal deur die geskrewe wet veroordeel word,
- 13 want dit is nie die hoorders van die geskrewe wet wat by God onskuldig is nie, maar die wat die wet doen, word onskuldig verklaar. ^{Ya'a 1:23-2;}
- 14 Wanneer die ander nasies, wat nie die geskrewe wet het nie, van nature die dinge van die geskrewe wet doen, is hulle vir hulleself die geskrewe wet, al het hulle nie die geskrewe wet gehad nie.
- 15 Daardeur wys hulle dat die doen van die geskrewe wet op hulle verstand, wil en emosie geskrywe staan ^{Yir 31:33} en hulle gewete saam getuienis gee terwyl hulle redevoering elkeen beskuldig of verdedig
- 16 op die dag wanneer God die geheime van die mense, volgens my goeie boodskap, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, sal beoordeel.
- 17 As jy jouself vanaf Y'hudah noem en steun op die geskrewe wet en jou beroem op God:
- 18 dat jy Sy wil ken en die dinge wat reg is onderskei wat vir jou vanuit die wet geleer is
- 19 en jy oortuig is in jouself dat jy 'n gids is vir die blindes, 'n lig vir die wat in duisternis is,
- 20 'n instrukteur vir die wat begrip kortkom, 'n leermeester van kinders omdat jy die bloudrukplan van die kennis en die waarheid in die geskrewe wet het;
- 21 jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself nie? Jy wat verkondig: 'Jy mag nie steel nie,' ^{Eks 20:15} steel jy?
- 22 Jy wat sê: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie,' ^{Eks 20:14} pleeg jy egbreuk? Jy wat afgode verafsku, plunder jy die Afgesonderde Plek?
- 23 Jy wat jou op die geskrewe wet beroem, beledig jy God deur die geskrewe wet te oortree?
- 24 Volgens wat geskryf is: 'Dit is as gevolg van julle dat die ander nasies sleg praat van die Karakter en Outoriteit (Naam) van God,' ^{Yes 52:5; Yeg 36:20}
- 25 want die besnydenis is wel 'n voordeel as jy die geskrewe wet volkome gehoorsaam, maar as jy afwyk van die geskrewe wet, het jou besnydenis onbesnedenheid geword.
- 26 Let op, as die onbesnedenene die opdragte van die geskrewe wet nakom, word sy onbesnedenheid gereken as besnydenis

27 en sal hy wat onbesnede is en die opdragte van die geskrewe wet volkome doen, wat natuurlik is, jou wat besny is en die wet op skrif het, maar dit oortree, nie oordeel nie?

28 Hy is nie 'n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dít is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. ^{Lev 26:41}

29 Inteendeel, hy is 'n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskrifte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God. ^{Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 5:2-6; Kol 2:11}

3 1 Wat is daarom die voortreflikheid van die Jood, of wat is die voordeel van die besnydenis?

2 Baie, in alle opsigte: eerstens dat aan hulle die Woorde van God ^{Ps 147:19-20} toevertrou is,

3 want wat daarvan as sommige nie vertrou het nie? Sal hulle gebrek aan vertroue miskien die vertrouenswaardigheid van God vernietig?

4 'n Verwerplike gedagte! God is Waarheid en elke mens 'n leuenaar, soos geskrywe is: "U is regverdig in U woorde en onskuldig as hulle U beoordeel." ^{Ps 51:6}

5 As ons boosheid die regverdigheid van God bevestig, wat sal ons sê? Is God dan nie onregverdig om Sy woede oor ons te bring, nie? Ek praat soos die mense.

6 'n Verwerplike gedagte! Hoe anders sal God die wêreld oordeel?

7 As die waarheid van God deur my valsheid vergroot is tot Sy eer, lof en aanbidding, waarom word ek dan steeds as sondaar geoordeel?

8 Of is dit, soos kwaad gepraat word van ons deur hulle wat in die oordeel veroordeel sal word en beweer dat ons sê: 'Laat ons boosheid doen sodat daar goed van kan kom?'

9 Word ons dan as beter beskou omdat ons 'n voordeel het? Ons het aangaande die Jode, sowel as Arameërs, bepaal dat hulle almal onder sonde is,

10 net soos geskrywe is: 'Daar is niemand onskuldig nie, selfs nie een nie,

11 ook nie iemand wat verstaan nie, ook nie iemand wat God soek nie!

12 Hulle het almal saam afgewyk en is verwerp. Daar is niemand wat goed doen nie, nie een nie. ^{Ps 14:1-3; 53:2-4}

13 'Hulle kele is oopgemaakte grafte en hulle tonge is misleidend.' ^{Ps 5:10} 'Die gif van Mitzrayimitiese kobras is onder hulle lippe.' ^{Ps 140:4}

14 'Hulle monde is vol vervloeking en bitterheid' ^{Ps 10:7}

15 en 'hulle voete is ywerig om bloed te stort.

16 Teëspoed en ellende is op hulle pad,

17 en die pad van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid het hulle nie geken nie. ^{Yes 59:7-8; Spr 1:16}

18 'Die respekvolle vrees vir God is nie voor hulle oë nie.' ^{Ps 36:2}

19 Ons weet dat alles wat die geskrewe wet gesê het, gesê is vir dié wat in die geskrewe wet is sodat elke mond toegemaak en die hele wêreld voor God skuldig sal wees

20 op grond daarvan dat uit die doen van die skriftelike wet niemand voor Hom onskuldig verklaar sal word nie, ^{Ps 143:2} want deur die geskrewe wet is die sonde bekend gemaak,

- 21 maar nou word die onpartydige opregtheid van God openbaar sonder die geskrewe wet en die Wet en die Profete getuig daarvan.
- 22 Die onpartydige opregtheid, wat van God kom, is deur die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een, vir elke persoon wat aanhou vertrou in Hom, want daar is geen onderskeid nie,
- 23 want almal van hulle het gesondig en kom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God kort
- 24 en hulle word, sonder koste, onskuldig verklaar deur Sy onverdiende guns en deur die verlossing wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, is;
- 25 Hy wat, deur die vertroue, met Sy bloed deur God bestem is as die Toedekking van sonde, ter wille van ons sondes wat ons vroeër gepleeg het, ^{1 Yog 2:2; 4:10}
- 26 in die ruimte wat God ons gegee het deur die geduld van Sy Gees vir die demonstrasie van Sy beoordeling wat in die teenwoordige tyd is, waardeur Hy wys dat Hy die Regverdige Een is en deur onpartydige opregtheid hom wat in die vertroue van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een is, onskuldig verklaar.
- 27 Waar is dan die roem? Dit is uitgeskakel. Deur watter wet? Dié van doen van die wet? Nee, maar deur die wet van vertroue.
- 28 Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertroue en nie deur die doen van die geskrewe wet nie.
- 29 Of is God net God van die Jode en nie ook van die ander nasies nie? Ja, ook van die ander nasies,
- 30 want daar is net een God, ^{Deut 6:4} wat die besnedenes deur vertroue en die onbesnedenes deur vertroue onskuldig verklaar. ^{Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 4:11-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11}
- 31 Kanselleer ons daardeur die geskrewe wet deur vertroue? 'n Verwerplike gedagte! Intendeel, ons bevestig die wet.

- 4** 1 Wat sê ons daarom van wat Avraham, hoof van die vaders, deur die vlees verkry het?
- 2 As Avraham vanuit die dade onskuldig verklaar is, het hy iets om op te roem, maar nie in die Teenwoordigheid van God nie,
- 3 want wat sê die Skrifte? 'Avraham het God vertrou en dít is hom tot onpartydige opregtheid gereken, ^{Gen 15:6}
- 4 maar aan hom wat werk, word die beloning nie na onverdiende guns bereken nie, maar na verdienste;
- 5 aan hom egter wat nie werk nie, maar slegs vertrou in die Een wat die sondaar onskuldig verklaar, word sy vertroue vir hom tot onpartydige opregtheid gereken.
- 6 Soos Dawid ook die mens, vir wie God as onpartydig opreg bereken sonder eie dade, gelukkig ag as hy sê:
- 7 "Geseënd is hulle wie se oortredings van die wet verwyder is en wie se sondes toegedek is.
- 8 Geseënd is die man vir wie God die sonde nie bereken nie." ^{Ps 32:1-2}
- 9 Hierdie seën dan, is dit op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Want ons sê: 'Deur Avraham se vertroue is hy onpartydig opreg gereken.'

- 10 Hoe is dit dan bereken? Toe hy besnede of onbesnede was? Nie as besnedene nie, maar as onbesnedene.
- 11 Hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van sy onpartydige opregtheid deur vertroue, toe hy nog nie besny was nie sodat hy die vader kon wees van almal wat vertrou terwyl hulle onbesnede is sodat dit ook vir hulle as onpartydige opregtheid gereken kon word
- 12 en net so ook is hy 'n vader van dié besnedenes wat nie alleen fisies besny is nie, maar ook loop in die voetspore van vertroue van ons vader Avraham, toe hy nog onbesnede was,
Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 3:30; 1 Kor 7:18,19; Gal 5:2-6; Kol 2:11
- 13 want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees, het nie Avraham, of sy nageslag,
Gen 15:3-5 deur die geskrewe wet verkry nie, maar deur die onpartydige opregtheid wat uit vertroue kom,
- 14 want as hulle erfename is vanuit die geskrewe wet, dan het vertroue geen doel nie en is die belofte gekanselleer,
- 15 want die geskrewe wet bring straf, maar waar geen geskrewe wet is nie, is daar ook geen oortreding van die geskrewe wet nie.
- 16 As gevolg hiervan sal iemand deur vertroue, wat uit onverdiende guns is, onskuldig verklaar word en sal die belofte seker wees vir al sy saad; nie alleen vir dié wat uit die geskrewe wet is nie, maar ook vir dié wat uit die vertroue van Avraham is, die vader van ons almal.
- 17 Net soos geskrywe is: “Ek het jou as 'n vader van baie nasies aangestel.” Gen 17:5 Dit is hy voor God omdat hy vertrou het dat Hy die Een is wat lewe gee aan dit wat dood is en hulle wat nie is nie, roep asof hulle is.”
- 18 Hy het verby enige hoop vertrou dat hy vader sou word van baie nasies volgens wat gesê is: “Soveel sal jou nageslag wees.” Gen 15:5
- 19 Al was hy omtrent honderd jaar oud, het sy vertroue nie verswak, toe hy na sy eie liggaam, wat alreeds dood was en na die dooie toestand van die baarmoeder van Sarah, gekyk het nie.
- 20 Hy het nie asof vanuit 'n gebrek aan vertroue aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk in vertroue en het aan God die lofprijsing gegee
- 21 en bevestig dat God die vermoë het om te doen wat Hy hom beloof het.
- 22 As gevolg hiervan is dit vir hom bereken tot onpartydige opregtheid, Gen 15:6
- 23 maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe dat sy vertroue vir hom bereken is tot onpartydige opregtheid nie,
- 24 maar ook om ons ontwil vir wie dit bereken sal word; vir hulle wat vertrou in Hom wat ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, uit die dood uit opgewek het;
- 25 Hy wat oorgelewer is ter wille van ons sondes en opgestaan het om ons onskuldig te verklaar.
- 5** 1 Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertroue, vir ons vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,

- 2 want in Hom is ons, deur vertroue, waarin ons staan, in hierdie onverdiende guns ingebring en ons verheug ons in die versekerde verwagting van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God.
- 3 Nie alleen so nie, maar ons verheug ons ook in die pyniging omdat ons weet dat die pyniging, uithouvermoë in ons vervolmaak, ^{Ya'a 1:3}
- 4 en die uithouvermoë vervolmaak ondervinding en die ondervinding vervolmaak versekerde verwagting
- 5 en die versekerde verwagting beskaam nie omdat die oorlopende liefde van God reeds in ons verstand, wil en emosie uitgestort is deur die Gees wat Afgesonderd is wat aan ons gegee is.
- 6 Waarlik, dié Gesalfde Een het ter wille van ons swakheid, op dié tyd, in die plek van bese mense gesterf.
- 7 Iemand sal moeilik vir 'n bese sterf; vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterf.
- 8 Hierin wys God Sy liefde vir ons: dat dié Gesalfde Een in ons plek gesterf het toe ons sekerlik nog sondaars was.
- 9 Hoeveel te meer sal ons, nou dat ons onskuldig verklaar is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn,
- 10 want as ons verhouding met God terwyl ons nog vyande was, deur die dood van Sy Seun, herstel is, hoeveel te meer sal ons deur Sy Lewe leef nou dat ons verhouding herstel is.
- 11 Nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, want dit is in Hom wat ons nou die herstel van ons verhouding ontvang het,
- 12 net soos deur die hand van een mens die sonde in die heelal ingekom het ^{Gen 3:17} en deur die sonde die dood ^{Gen 3:19} en die dood só na alle mense toe deurgekom het omdat almal gesondig het.
- 13 Tot by die geskrewe wet was daar al sonde in die wêreld, maar dit is nie as sonde toegereken nie omdat daar geen geskrewe wet was nie,
- 14 maar die dood het geheers van Adam af tot by Mosheh, ook oor hulle wat nie presies gesondig het in die oortreding van 'n opdrag soos Adam, wat 'n beeld is van Hom wat sou kom, nie.
- 15 Die onverdiende geskenk is nie dieselfde as die oortreding nie, want as deur die oortreding van die één baie dood is, hoeveel te meer het die onverdiende guns van God in oorvloed na baie gekom deur die geskenk, deur onverdiende guns, van die een Mens, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 16 Die gevolg van die geskenk is nie dieselfde as die gevolg van één se sonde nie, want deur één het oordeel gekom tot verdoeming, maar die onverdiende geskenk is vir baie oortredinge tot verklaring van onskuld,
- 17 want as die dood, as gevolg van die oortreding van die één, geheers het deur die één, veel meer sal hulle, wat die oorvloedigheid van die onverdiende guns ontvang, wat die geskenk van onpartydige opregtheid is, heers in dié lewe deur die Één, Yeshua, dié Gesalfde Een;

- 18 daarom dan, net soos alle mense skuldig bevind is deur een se oortreding, so ook sal daar deur die onpartydige opregtheid van Een, oorwinning tot lewe wees vir alle mense,
- 19 want net soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie sondaars geword het, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie onskuldig word.
- 20 Die geskrewe wet is bygevoeg sodat die sonde meer sou word en waar die sonde meer geword het, het die onverdiende guns nog uitermate meer geword
- 21 sodat, net soos die sonde geheers het deur die dood, so ook die onverdiende guns kan heers deur onpartydige opregtheid tot die ewige lewe deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 6** 1 Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word?
- 2 'n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? ^{1 Yog 5:18}
- 3 Of weet julle nie dat dié van ons wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie?
- 4 Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos dié Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef, ^{Efe 3:20; Fil 3:10}
- 5 want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.
- 6 Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,
- 7 want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry.
- 8 As ons daarom saam met dié Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met dié Gesalfde Een sal lewe ^{1 Kef 3:21; 2 Kor 5:17; Efe 2:10; 2 Tim 2:11-13}
- 9 omdat ons weet dat dié Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie.
- 10 Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God.
- 11 Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 12 Die sonde sal daarom nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie.
- 13 Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God.
- 14 Sonde het nie outoriteit oor julle nie, want julle is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns.
- 15 Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die geskrewe wet is nie, maar onder die onverdiende guns? 'n Verwerplike gedagte!

- 16 Weet julle nie dat julle, aan wie julle ook al juisself aanbied om gehoorsaam te wees, sy slaaf is om aan hom gehoorsaam te wees nie; òf dit die sonde, òf die onpartydige opregtheid is waarna jy luister?
- 17 Dank God dat julle slawe van die sonde was en vanuit julle verstand, wil en emosie gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle gebring is
- 18 en toe julle vrygemaak is van die sonde, het julle slawe geword van die onpartydige opregtheid.
- 19 Ek praat menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees, want net soos julle jul liggaamsdele as slawe aangebied het van die onreinheid en wetsoortreding, so moet julle nou ook jul lede aanbied as slawe van die onpartydige opregtheid en afgesonderdheid,
- 20 want toe julle slawe geword het van die sonde, het julle vry geraak van die onpartydige opregtheid.
- 21 Watter vrug het julle toe gehad? Dit waaroor julle jul nou skaam, want die uiteinde daarvan is die dood.
- 22 Nou, omdat julle vrygemaak is van die sonde en slawe geword het van God, lei die voordeel wat julle trek tot afgesonderdheid en die uiteinde is die ewige lewe.
- 23 Die eindproduk van die sonde is die dood, maar die geskenk van God is die ewige lewe, in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een. ^{Yog 8:51}
- 7** 1 Asof julle nie weet nie, my broers, want ek praat met dié wat die geskrewe wet verstaan, dat die geskrewe wet outoriteit het oor die mens solank as wat hy lewe;
- 2 net soos die getroude vrou in die geskrewe wet aan haar meester gebonde bly solank hy leef, maar as die man dood is, is sy deur die geskrewe wet losgemaak van haar man.
- 3 As sy weggaan vir 'n ander man terwyl haar meester leef, sal sy vir hom 'n egbreekster wees, maar as haar meester sou sterf, is sy vry van die geskrewe wet sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.
- 4 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van dié Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra,
- 5 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, ^{Deut 27, 28}
- 6 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie.
- 7 Wat sal ons daarom sê? Is die geskrewe wet sonde? 'n Verwerplike gedagte! Ek sou nie weet wat is sonde anders as deur die wet nie, want ek sou ook nie begeerte geken het as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie." ^{Eks 20:17; Deut 5:21}
- 8 Die sonde het die geleentheid aangegryp deur die voorskrifte en in my allerhande begeertes gewerk, want sonder die wet was die sonde dood.
- 9 Aan die begin was ek lewend sonder die geskrewe wet, maar toe die opdragte kom, het die sonde geleef en ek het gesterf
- 10 en die opdragte tot lewe, was vir my tot die dood,

- 11 want die sonde het die geleentheid aangegryp deur my te mislei deur die opdragte en my daardeur gedood.
 - 12 Die geskrewe wet is daarom afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed. ^{Yes 42:21}
 - 13 Het dit wat goed is daarom vir my tot die dood geword? 'n Verwerplike gedagte! Dit is egter sodat sonde as sonde gewys kan word deur die goeie, wat deur my dood vervolmaak is en sonde des te meer veroordeel kon word deur die opdragte,
 - 14 want ons weet dat die geskrewe wet vanuit die gees is, maar ek is vanuit die vlees verkoop aan die sonde,
 - 15 want wat ek doen, verstaan ek nie en dit is ook nie enige iets wat ek gekies het nie, maar dit wat ek gehaat het, dit het ek gedoen.
 - 16 As ek enige iets doen wat ek nie wil nie, dan getuig ek dat die geskrewe wet goed is, ^{Ps 19:8,9}
 - 17 maar dat dit nie nou ek is wat dit doen nie, maar die sonde wat in my bly,
 - 18 want ek weet dat in my, dit is in my vlees, die goeie nie bly nie, want dit is maklik vir my om bly te wees oor die goeie, maar ek kan dit nie doen nie,
 - 19 want die goeie wat ek gekies het om te doen, het ek nie gedoen nie, maar die bose wat ek nie wou doen nie, dit het ek gedoen.
 - 20 As ek enige iets doen wat ek nie wou nie, dan was dit nie ek wat dit gedoen het nie, maar die sonde wat in my bly.
 - 21 Ek vind dus 'n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen omdat die bose naby my is,
 - 22 want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens,
 - 23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is.
 - 24 Ek is 'n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood?
 - 25 Ek dank God: dit is deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een! Ek is daarom nou met my gewete 'n slaaf van God se wet, maar in my vlees 'n slaaf van die wet van die sonde.
- 8 1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, dié Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
- 2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,
 - 3 want omdat die wet magteloos was, deur die swakheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die vlees, wat sondig, gestuur, ter wille van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel
 - 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees.
 - 5 Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer, ^{Yog 3:6}
 - 6 want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid

- 7 omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie. ^{Tit 1:16}
- 8 Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie, ^{Yog 3:5; 1 Kor 15:50; Gal 5:17}
- 9 maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van dié Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.
- 10 As dié Gesalfde Een in julle is, dan is die liggaam dood vir die doel van sonde, maar die Gees is lewend vir die doel van die onpartydige opregtheid
- 11 en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een uit die dood uit laat opstaan het, in julle bly, dan sal Hy wat Yeshua, dié Gesalfde Een uit die dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggame lewe gee deur Sy Gees wat in julle bly. ^{Yeg 37:14}
- 12 Nou, my broers, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie, 13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterf en as julle in die Gees die praktyke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe, ^{Ya'a 4:4}
- 14 want dié wat deur die Gees van God gelei word, dié is seuns van God.
- 15 Julle het nie 'n gees van slawerny ontvang om weer te vrees nie, maar julle het die Gees van aanstelling as seuns ontvang, deur Wie ons uitroep: "Vader, ons Vader!"
- 16 Daardie Gees getuig tot ons gees dat ons seuns van God is
- 17 en as ons seuns is, dan ook erfgename. Erfgename van God en mede-erfgename van die erfenis van Yeshua, dié Gesalfde Een, want as ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God smaak.
- 18 Ek verklaar dat die lyding van hierdie tyd nie vergelyk kan word met die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God wat aan ons openbaar sal word nie, 19 want die skepping wag in versekerde verwagting en in afwagting op die openbaarmaking van die seuns van God, ^{Ya'a 1:18}
- 20 want die skepping is onderworpe aan die waardeloosheid, nie uit keuse nie, maar onder Hom wat dit gehoorsaam gemaak het, in die versekerde verwagting
- 21 dat ook die skepping vrygemaak sal word van die slawerny van vernietiging tot die vryheid van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God saam met die seuns van God,
- 22 want ons weet dat alles wat geskep is, kreun en in geboortepyn is tot nou toe.
- 23 Nie alleen hulle nie, maar ook ons wat die eersteling vrugte van die Gees in ons het, kreun ook in onself in afwagting op die aanstelling as seuns en die bevryding van ons liggame, ^{Ps 96:11-13}
- 24 want ons leef in versekerde verwagting, maar die versekerde verwagting wat gesien word, is geen verwagting nie, want waarom verwag iemand dit wat hy sien?
- 25 As ons verwag wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met geduld.
- 26 Net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie wat nodig is, waarvoor ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitgesproke kreuninge
- 27 en Hy wat die verstand, wil en emosie ondersoek, weet wat die bedoeling van die Gees is omdat Hy, ooreenkomstig die wil van God, vir die afgesonderdes intree.

- 28 Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, ^{Deut 6:5} Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word,
- 29 want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun ^{Luk 3:22; 1 Kor 15:45; 2 Kor 6:18} sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers
- 30 en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee.
- 31 Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie is teen ons?
- 32 As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal, oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie?
- 33 Wie sal beskuldigings inbring teen dié wat God gekies het? God verklaar onskuldig.
- 34 Wie is dit wat veroordeel? dié Gesalfde Een is Hy wat gesterf het, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterkant van God is, wat ook vir ons onthale intree.
- 35 Wat sal my skei van die liefde van dié Gesalfde Een: lyding, gevangenskap, vervolging, hongersnood, naaktheid, gevaar of die swaard?
- 36 Soos geskrywe is: "Om U ontwil word ons die hele dag lank doodgemaak, ons is gereken as skape vir die slagting." ^{Ps 44:23}
- 37 In al hierdie dinge oorwin ons egter, deur Hom wat ons lief het,
- 38 want ek is oortuig daarvan dat geen dood of lewe of engel of outoriteit of leërmag of dinge wat nou bestaan of dinge wat sal kom
- 39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel in staat is om my af te sny van die liefde van God, wat daar in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is nie.
- 9** 1 Ek praat die waarheid in eenheid met dié Gesalfde Een en ek lieg nie; my gewete getuig vir my in eenheid met die Gees wat Afgesonderd is
- 2 dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my denke, wil en emosie,
- 3 want ek het gebid dat ek self, ter wille van my broers, my bloedverwante na die vlees, vernietig sou word, weg van dié Gesalfde Een af.
- 4 Hulle wat Yisra'el is, het ontvang: die plasing tot seuns, ^{Eks 4:22} die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God, ^{Eks 13:21; Eks 40:36-38; Yeg 1:28} die verbond, ^{Gen 17; Eks 19-24; Yir 31:31} die geskrewe wet, ^{Eks-Deut} die dienswerk daarin, ^{Eks 25-27} die beloftes ^{2 Kor 1:20; Heb 8:6}
- 5 aan die vaders en vanuit hulle het dié Gesalfde Een in die vlees verskyn. ^{Luk 1:26-35} Tot Hom wat God oor alles is, is lofprysing en seën vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar.
- 6 Dit is nie asof die boodskap van God gefaal het nie, want nie almal wat vanuit Yisra'el is, is Yisra'el nie.
- 7 Ook nie omdat hulle almal Avraham se nageslag is, is hulle seuns nie, want dit is gesê: "in Yitz'gak ^{Gen 21:12} sal hulle jou nageslag genoem word." ^{Ps 105:6}
- 8 Dit is: nie dié wat seuns van die vlees is, is seuns van God nie, maar die seuns van die belofte word gereken as nageslag,

- 9 want dit is die boodskap van die belofte: “Op die bepaalde tyd sal Ek kom en Sarah sal ’n seun hê.” Gen 18:14
- 10 Nie alleen dit nie, maar ook met Rivkah wat swanger was, deur een daad met ons vader Yitz’gak,
- 11 (voordat haar seuns gebore is en nog nie enige goed of kwaad gedoen het nie, is die keuse van God openbaar sodat dit kon staan, nie vanuit daad nie, maar vanuit Hom wat roep),
- 12 is gesê: “Die oudste sal ’n slaaf wees van die jongste.” Gen 25:23
- 13 Net soos geskrywe is: “Ya’akov het Ek liefgehad en ’Esav het Ek gehaat.” Mal 1:2-3
- 14 Wat sal ons daarom hieroor sê? Dat daar boosheid is by God? Deut 32:4; Ps 92:16 ’n Verwerplike gedagte!
- 15 Let op, ook vir Mosheh sê Hy: “Ek sal guns wys vir wie ook al Ek lief is en My liefdevolle omgee wys oor wie ook al Ek My ontferm.” Eks 33:19
- 16 Gevolglik hang dit nie af van die een wat wil of deur die een wat hardloop nie, maar van God wat Omgee is,
- 17 want Hy sê in die Skrif vir Farao: “Om hierdie rede het Ek jou laat opstaan sodat Ek in jou My krag kan wys en sodat My Karakter en Outoriteit bekend gemaak kan word op die hele aarde.” Eks 9:16; 14:4
- 18 So wys Hy dan Sy omgee oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.
- 19 Sonder twyfel sal jy sê: “Waarom vind Hy fout, want wie is dit wat teen Sy wil staan?”
- 20 Wie is jy daarom o mens, wat vir God ’n antwoord teruggee? Sê die een wat gevorm is aan die Een wat hom gevorm het: “Waarom het U my op dié manier gevorm?” Yes 29:16; 45:9
- 21 Of het die pottebakker nie outoriteit oor die klei, om uit dieselfde bol die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?
- 22 As God Sy woede wou wys en Sy mag bekend maak, het Hy baie geduld getoon in woede teen houe van woede wat volmaak gemaak is vir die vernietiging
- 23 en Sy liefde loop oor op die voorwerpe van omgee wat voorberei is vir Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid,
- 24 vir ons wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die ander nasies.
- 25 Net soos dit ook in Hoshea sê: “Ek sal die wat nie My volk was nie: ‘My volk’ noem en vir wie nie liefde gegee is nie: ‘jy wat Ek lief het’” Hos 2:25
- 26 en in die plek waar hulle nie ‘My volk’ genoem is nie, daar sal hulle genoem word ‘seuns van die lewende God’. ” Yes 19:25; 27:12,13; Hos 2:1
- 27 Yesha’yahu het teen die seuns van Yisra’el verkondig: “Al is die getal van die seuns van Yisra’el soos die sand van die see, net ’n oorblyfsel sal gered word.
- 28 Hy het dit kortgeknip en afgesny en יהוה sal dit doen op die aarde.” (wat Hy bepaal en besluit het, sal Hy doen op die aarde). Yes 10:22-23
- 29 Soos Yesha’yahu vroeër gesê het: “As יהוה-Tzva’ot nie vir ons ’n oorblyfsel oorgeloes het nie, sou ons geword het soos S’dom en wees net soos ’Amorah.” Yes 1:9

- 30 Wat sal ons daarom sê? Die ander nasies, wat die onpartydige opregtheid nie nagejaag het om dit te verkry nie, het die onpartydige opregtheid ontvang, dié onpartydige opregtheid wat vanuit vertroue is,
- 31 maar Yisra'el, wat agter die geskrewe wet van onpartydige opregtheid aangehardloop het, het nie die wet van onpartydige opregtheid verkry nie.
- 32 Om watter rede? Omdat dit nie vanuit vertroue was nie, maar vanuit die daade van die geskrewe wet dat hulle gestruikël het oor die Steen van struikeling. ^{Yes 8:14}
- 33 Net soos geskryf is: ^{Yes 28:16} "Let op, Ek het 'n Steen van struikeling en 'n Steen van oortreding in Tziyon gelê en wie ook al in Hom vertrou, ^{Mat 21:42-44; 1 Kef 2:6-8} sal nie beskaam word nie."

- 10** 1 My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,
- 2 want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie
- 3 omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie,
- 4 want die einddoel van die geskrewe wet is dié Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou,
- 5 want Mosheh skryf dat die man wat die onpartydige opregtheid praktiseer wat uit die wet is, volgens daardie onpartydige opregtheid sal lewe. ^{Lev 18:5}
- 6 Die onpartydige opregtheid wat uit vertroue is, sê dit so: "Moenie in jou gedagtes, wil en verstand sê: 'Wie het opgegaan na die hemel en dié Gesalfde Een afgestuur; 7 wie het in die bodemlose put van Sh'ol neergedaal en dié Gesalfde Een uit die dood uit opgebring?' nie.
- 8 Daarteenoor, wat sê dit? ^{Deut 30:11-14} "Naby jou is die antwoord, in jou mond en in jou verstand." Dit is die boodskap van vertroue wat ons verkondig:
- 9 as jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê,
- 10 want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe,
- 11 want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie." ^{Yes 28:16}
- 12 Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want יהוה is een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep,
- 13 want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה beroep, sal lewe hê. ^{Yo'el 2:32}
- 14 Hoe sal hulle hul dan beroep op Hom, behalwe as hulle in Hom vertrou? Hoe sal hulle in Hom vertrou as hulle Hom nie gehoor het nie? Of hoe sal hulle hoor sonder een wat verkondig?
- 15 Of hoe kan hulle verkondig as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: "Hoe lieflik is die voete van die boodskapper van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en van die boodskapper van goeie dinge." ^{Yes 52:7}

- 16 Dit is egter nie almal wat die goeie boodskap gehoorsaam het nie, want Yesha'yahu het gesê: "My Meester, wie glo ons verslag?" ^{Yes 53:1; Yog 12:38}
- 17 Vertroue is daarom in een wat luister en doen; een wat luister en doen wat God sê.
- 18 Ek sê egter: "Het hulle nie gehoor nie?" Let op, hulle verslag het uitgegaan oor die hele aarde en hulle woorde tot by die eindes van die wêreld." ^{Ps 19:2-5}
- 19 Ek sê egter: "Miskien het Yisra'el nie verstaan nie?" Mosheh het vroeër gesê: "Ek sal julle jaloers maak op dié wat geen volk is nie en Ek sal julle kwaad maak teen 'n nasie wat nie gehoorsaam is nie." ^{Deut 32:21}
- 20 Yesha'yahu sê openlik: "Ek het verskyn aan hulle wat nie na My gesoek het nie en Ek is gevind deur dié wat nie na My gevra het nie." ^{Yes 65:1; Rom 9:30}
- 21 Vir Yisra'el sê Hy: "Die hele dag lank het Ek My hande uitgehou na mense wat twissoekerig en ongehoorsaam is." ^{Yes 65:2; Rom 9:31}
- 11** 1 Sê ek dat God Sy volk weggestoot het? 'n Verwerplike gedagte, ^{2 Kro 20:7} want ek is ook vanuit Yisra'el, van die nageslag van Avraham, van die stam van Binyamin.
- 2 God het Sy volk wat Hy van die begin af geken het, ^{1 Sh'm 12:22; Ps 94:14} nie weggestoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Eliyahu sê toe hy by God oor Yisra'el gekla het nie?
- 3 "My Meester, hulle het U profete vermoor en U altare omgegooi; ek het alleen oorgebly en hulle soek my lewe!" ^{1 Kon 19:10,14}
- 4 Dit is vir hom deur openbaring gesê: "Let op, Ek het vir Myself sewe duisend manne uitgehou wat nie die knie voor Ba'al gebuig en hom aanbid het nie." ^{1 Kon 19:18}
- 5 Dit is ook dieselfde in die teenwoordige tyd: daar is 'n oorblyfsel gekies uit onverdiende guns, ^{Deut 4:27}
- 6 maar as dit uit onverdiende guns is, dan is dit nie vanuit dade nie, anders is onverdiende guns geen onverdiende guns nie, maar as dit uit dade is, dan is dit nie meer onverdiende guns nie, anders is dade geen dade meer nie.
- 7 Hoekom het Yisra'el, behalwe die gekoses, dan nie dít gevind waarna hulle gesoek het nie, maar die ander is verblind in hulle verstand, wil en emosie? ^{Rom 9:31}
- 8 Net soos geskryf is: "God het hulle 'n hardkoppige gees gegee, oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie, tot vandag toe." ^{Deut 29:3,4; Yes 6:9; Yes 29:10; Yeg 12:2; Mat 13:14,15; Yog 12:40}
- 9 Dawid sê weer: "Hulle tafel sal vir hulle 'n valstrik wees en hulle beloning 'n oortreding.
- 10 Laat hulle oë donker word sodat hulle nie kan sien nie en laat hulle rug aanhoudend oorgebuig wees," ^{Ps 69:23-24}
- 11 maar ek vra: "Het hulle gestruikel sodat hulle geval het?" 'n Verwerplike gedagte! Inteendeel, deur hulle struikeling het daar verlossing vir die ander nasies gekom, om hulle jaloers te maak ^{Deut 32:21; Mat 21:43}
- 12 en as hulle oortreding waardevol vir die wêreld is en hulle veroordeling waardevol is vir die ander nasies, hoeveel te meer nie hulle volheid nie!
- 13 Want aan julle, die ander nasies sê ek; ek wat die afgevaardigde na die ander nasies is; ek eer my dienswerk,
- 14 om miskien my volksgenote jaloers te maak en sommige van hulle te red,

- 15 want as hulle verwerping die herstel van die verhouding vir die wêreld is, hoeveel te meer sal hulle terugkeer nie lewe uit die dood wees nie?
- 16 As die eerste vrugte afgesonderd is, ^{Num 15:18-21} dan ook die geheel en as die wortel afgesonderd is, dan die takke ook.
- 17 As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,
- 18 moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou!
- 19 Sonder twyfel sal jy sê: “Die takke is afgesny sodat ek in hulle plek ingeënt kon word.”
- 20 Goed, hulle is afgesny omdat hulle nie vertrou het nie, ^{Yir 5:10; 11:16} maar jy staan deur vertroue. Moenie arrogant wees in jou gedagtes nie, maar vrees,
- 21 want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou ook sekerlik nie spaar nie.
- 22 Kyk hierdeur na die goeddoen met sagtheid en die strengheid van God: strengheid oor die wat geval het, maar goeddoen met sagtheid oor jou as jy in Sy goedheid bly, anders sal jy ook afgesny word.
- 23 Ook hulle sal egter, as hulle nie in hulle tekort aan vertroue bly nie, ingeënt word, want God is magtig om hulle weer in te ent,
- 24 want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild is en teen die natuur in op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul natuurlike olyfboom ingeënt word? ^{Yog 15:1-7}
- 25 Ek wil hê, my broers, dat julle hierdie geheimenis moet ken sodat julle nie wys mag wees in julle opinie van julleself nie: dat die verblinding gedeeltelik oor Yisra'el se verstand, wil en emosie gekom het totdat die volheid van die ander nasies ingegaan het ^{Luk 21:24}
- 26 en dan sal die hele Yisra'el gered word, soos geskrywe is: “Die Verlosser sal uit Tziyon kom en sal die boosheid wegdraai van Ya'akov af” ^{Yes 59:20-21}
- 27 en dan sal My verbond, wat uit My Teenwoordigheid kom, wanneer Ek hulle sondes vergewe, met hulle wees.” ^{Yes 27:9; 42:6; 49:8}
- 28 Wat die goeie boodskap betref, is hulle vyande ter wille van julle, maar wat betref dat hulle gekies is, is hulle dié vir wie ek lief is ter wille van die vaders,
- 29 want God verander nie in Sy geskenke en in Sy roeping nie,
- 30 want soos julle ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou voorkeur ontvang het as gevolg van hulle ongehoorsaamheid,
- 31 so het hulle ook nou ongehoorsaam geword om deur julle omgedaad aan hulle ook God se omgedaad te kan ontvang,
- 32 want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit, om vir almal te kan omgee.
- 33 O, die diepte van die rykdom, wysheid en kennis van God, want die mens het nie Sy oordele opgesoek en nie Sy paaie nagevolg nie,
- 34 want wie het die gedagtes van חַדָּשׁ geken, of wie was Sy raadgewer? ^{Yes 40:13; Iyov 15:8}

35 Wie het eerste iets vir Hom gegee en dan iets terug ontvang?

36 Want vanuit Hom en in Hom en deur Hom is alle dinge tot Sy lofprijsing en seën tot in tydlose ewigheid. Dit is waar. ^{Iyov 40:1-14; 42:1-6}

12 1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; ^{Ps 4:6; 1 Kef 2:5; 2 Tim 4:6} dit is julle logiese dienswerk ^{Eks 25:2; 29:18}

2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

3 Deur die onverdiende guns wat aan my gegee is, sê ek vir julle almal dat julle nie van juisself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie, maar dat julle aan juisself dink in nederigheid volgens die maat van vertrouwe wat God aan elkeen uitgedeel het,

4 want net soos ons in een liggaam baie lede het, maar die lede nie almal dieselfde funksie het nie,

5 net so is ons almal saam een liggaam in dié Gesalfde Een, maar elkeen afsonderlik lede van mekaar.

6 Ons het verskillende gawes volgens die onverdiende guns wat aan ons gegee is: daar is dié van profesie, na die maat van sy vertrouwe;

7 daar is dié van bediening, vir die een in Sy bediening; daar is dié van lering, wie in Sy lering is;

8 daar is dié van 'n vertrooster, wat in Sy vertroosting is; 'n gewer in vrygewigheid; 'n leier met ywerigheid; daar is dié vir een wat omgedade bewys met blymoedigheid.

9 Laat jou liefde sonder misleiding wees, haat wat boos is ^{Rom 16:19} en klou aan die goeie;

10 wees jy aangetrokke tot jou broers en wees lief vir mekaar; gaan jy voor in die erbetoning van mekaar;

11 wees jy fluks en nie lui nie; wees jy entoesiasies van gees in jou werk vir die Meester;

12 wees jy vreugdevol in die versekerde verwagting; hou uit in jou moeilikheid; volhard voortdurend in gebed;

13 wees jy 'n deelgenoot aan die behoeftes van die afgesonderdes; wees jy gasvry teenoor vreemdelinge;

14 seën dié wat jou vervolg, seën en moenie vervloek nie;

15 wees bly saam met die wat bly is en huil saam met die wat huil;

16 wat jy ook al van juisself dink, dink net so van jou broers; moenie juisself hoog ag nie, maar assosieer met die nederiges; moenie wys wees in jou eie opinie nie;

17 moenie iemand se boosheid met boosheid terugbetaal nie, maar dit moet vir jou belangrik wees om goed te doen voor alle mense.

18 As dit moontlik is, sover dit van jou afhang, maak vrede met alle mense.

19 Moenie self wraak neem nie, julle vir wie ons lief is, maar gee plek vir die wraak, want daar is geskrywe: "As jy nie self oordeel sal uitspreek nie, sal Ek namens jou oordeel, sê God." ^{Deut 32:41; Spr 24:17,18}

20 As jou vyand honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want deur dit te doen sal jy vurige kole op sy kop ophoop (hy sal beskaamd staan). ^{Spr 25:21-22}

21 Laat jou nie deur die bose oorweldig nie, maar oorkom die bose deur die goeie.

13 1 Elke gees moet aan die hoër outoriteite gehoorsaam wees, want daar is geen outoriteit as dit nie vanaf God is nie en daardie selfde outoriteit, wat van God is, is onder bevel. ^{Luk 10:16; 1 Kor 11:3; Heb 13:17}

2 Wie ook al teenoor die outoriteite staan, staan daarom teenoor die opdragte van God en die wat dit teëstaan, sal hulle oordeel ontvang,

3 want die regters hou geen vrees in vir hulle wat goed doen nie, maar vir die bose. As jy nie bang wil wees vir die outoriteit nie, doen wat goed is en jy sal lof van hom af ontvang,

4 want hy is die uitvoerder van God vir jou ten goede, maar as jy doen wat boos is, wees dan bang, want hy dra nie verniet die swaard nie, want hy is 'n uitvoerder van God, 'n vergelder van die woede, om die een wat boosheid doen, te straf.

5 As gevolg hiervan is dit noodsaaklik vir ons om gehoorsaam te wees, nie alleen ter wille van die wraak nie, maar ter wille van die gewete,

6 want daarom betaal julle ook belasting, want hulle is uitvoerders van God wat vir hierdie dinge aangestel is. ^{Yir 29:7; 1 Kef 2:13}

7 Beloon daarom elke persoon soos wat aan hom verskuldig is: belasting aan die waaraan belasting verskuldig is, invoerbelasting aan die waaraan invoerbelasting verskuldig is; respek aan dié wat respek toekom, eer aan dié wat eer toekom. ^{Mat 22:20}

8 Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander lief het, het die wet volledig gemaak.

9 Want dít: jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: ^{Eks 20:13-17; Lev 19:18} 'Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.' ^{Mat 22:39}

10 Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. ^{Yog 14:15}

11 Weet ook dít: weet watter tyd dit is en watter uur dit is, om van nou af wakker te wees uit ons slaap, ^{Efe 5:14} want ons Lewe het nou nader aan ons gekom as toe ons aanvanklik vertrou het.

12 Die nag het van nou af verbygegaan en die dag het aangebreek. Laat ons daarom die dae van die duisternis van ons af afwerp en die wapens van die lig aantrek.

13 Laat ons op die regte manier leef, soos mense in die dag, nie in partytjies, dronkenskap, seksuele immoraliteit, bakleiery en jaloesie nie,

14 maar trek ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, aan en moenie konsentreer op die begeertes van die vlees nie. ^{Open 19:8}

14 1 Steek jou hand uit na hom wat swak is in vertroue en moenie verdeel word deur julle verskille nie,

- 2 want daar is hy wat vertrou dat hy alles mag eet maar hy wat swak is, eet groente.
- 3 Hy wat eet moenie hom wat nie eet, verag nie en hy wat nie eet nie moenie hom wat eet, oordeel nie, want God het hom aanvaar.
- 4 Wie is jy wat die dienskneg oordeel wat nie joune is nie? Hy staan of val met betrekking tot sy eie meester, maar sy eie meester het mag om hom staande te hou.
- 5 Daar is een wat onderskei tussen dae en daar is een wat alle dae beoordeel. Laat elkeen in sy eie denke seker wees.
- 6 Wie ook al watter dag hoog ag, ag dit hoog vir sy Meester en hy wat die dag nie hoog ag nie, ag dit nie hoog nie, vir sy Meester; wie eet, eet tot eer van sy Meester en dank God en wie nie eet nie, hy eet nie, tot eer van sy Meester en dank God,
- 7 want daar is niemand van ons wat vir homself leef nie en niemand gaan dood vir homself nie,
- 8 want as ons lewe, leef ons vir ons Meester en as ons doodgaan, gaan ons dood vir ons Meester; of ons dan lewe en of ons doodgaan, ons behoort aan ons Meester.
- 9 Vir hierdie rede het dié Gesalfde Een ook gesterf, weer lewend geword en opgestaan sodat Hy Die Meester sal wees vir die wat lewe en vir die wat dood is. ^{1 Kor 8:6}
- 10 Jy, waarom oordeel jy jou broer? Of selfs jy, waarom verag jy jou broer? Want ons sal almal voor die regterstoel van dié Gesalfde Een staan.
- 11 Soos daar geskryf is: “Sowaar as Ek leef, sê יהוה”, voor My sal elke knie buig en elke tong sal aan My lofprysing gee.” ^{Yes 45:23; Fil 2:10}
- 12 Daarvolgens sal elkeen van ons aangaande sy lewe aan God rekenskap gee.
- 13 Laat ons mekaar van nou af nie meer oordeel nie, maar besluit liever dit: om nie vir jou broer ’n struikelblok neer te sit nie. ^{Lev 19:14}
- 14 Ek weet en is oortuig daarvan deur Die Meester, Yeshua, dat daar niks is wat in ditself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom alleen is dit onrein.
- 15 As jy jou broer deur kos grief, leef jy nie in liefde nie. Moenie deur jou kos, hom vir wie dié Gesalfde Een gesterf het, vernietig nie
- 16 en laat so nie kwaad gepraat word van wat vir ons goed is nie,
- 17 want die Koninkryk van God is nie eet en drink nie, maar onpartydige opregtheid, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid in die Gees wat Afgesonderd is,
- 18 want wie ook al dié Gesalfde Een hierin dien, is pragtig voor God en goedgekeur voor die mense.
- 19 Laat ons nou vrede en mekaar se opbouing najaag
- 20 en nie ter wille van kos ’n dienskneg van God vernietig nie, want alles is wel rein, maar dit is boos vir ’n mens om dit te eet as dit tot struikeling is.
- 21 Dit is goed om geen vleis te eet, of wyn te drink, of om iets te doen waardeur jou broer omvergewerp word nie.
- 22 Jy wat vertrou in jou gees het, hou dit voor God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy besluit het nie,
- 23 want wie ook al twyfel en eet, is veroordeel omdat dit nie uit vertrou is nie en alles wat nie uit vertrou is nie, is sonde.

- 15 ¹ Ons wat sterk is, is dit verskuldig om die swakhede van die wat nie sterk is nie te dra en nie onself tevrede te stel nie,
- 2 want elkeen van ons moet ons medemens tevrede stel in dit wat goed is tot opbouing,
- 3 want ook dié Gesalfde Een het Homself nie tevrede gestel nie, maar net soos geskrywe is: “Die verwyte van die wat U beledig, het op My geval.” ^{Ps 69:10}
- 4 Alles wat van die ou tyd af geskryf is, is geskryf vir ons tot lering sodat ons deur volhardende geduld en vertroosting vanuit die Skrifte ’n versekerde verwagting kan hê.
- 5 Mag die God van volhardende geduld en vertroosting gee dat julle mekaar met gelykheid ag in Yeshua dié Gesalfde Een
- 6 sodat julle God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, met een gedagte en uit een mond kan eer, loof en aanbid.
- 7 As gevolg hiervan moet julle mekaar aanvaar en verdra, net soos dié Gesalfde Een julle ook aanvaar het tot die eer, lof en aanbidding van God.
- 8 Ek sê dat Yeshua, dié Gesalfde Een, ’n Dienaar geword het van die besnydenis ter wille van die waarheid van God, om so die belofte aan die vaders te bevestig.
- 9 Die ander nasies sal ter wille van Sy onverdiende guns God kan eer, loof en aanbid, soos geskrywe is: “Ek sal U loof saam met die ander nasies en tot U Karakter en Outoriteit lofprysing sing.” ^{2 Sh’m 22:50; Ps 18:50}
- 10 Ook sê dit: “Verbly julle, nasies, saam met Sy volk.” ^{Deut 32:43}
- 11 Ook sê dit: “Loof יהודה, alle nasies en prys Hom, alle volke.” ^{Ps 117:1}
- 12 Yesha’yahu sê ook: “Daar sal ’n Wortel van Yishai kom, wat opstaan om oor die nasies te heers en in Hom sal die nasies ’n versekerde verwagting hê.” ^{Yes 11:10}
- 13 Die God van versekerde verwagting sal julle vol maak met alle blydskap, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid deur die vertrouwe sodat julle oorfloedig kan wees in Sy versekerde verwagting deur die krag van die Gees wat Afgesonderd is!
- 14 Ek is ook, my broers, oortuig van julle, dat julle self ook vol is van wat goed is en vol van alle kennis, in staat om ook ander te leer.
- 15 Ek het egter ’n bietjie vrymoediglik aan julle geskryf, my broers, om julle te herinner, volgens die onverdiende guns wat aan my gegee is deur God
- 16 dat ek ’n dienaar van Yeshua, dié Gesalfde Een, onder die ander nasies kan wees en ek kan werk vir die goeie boodskap van God sodat die offer van die ander nasies miskien aanvaar kan word en afgesonderd word deur die Gees wat Afgesonderd is.
- 17 Dit is daarom vir my ’n trots in Yeshua, dié Gesalfde Een, tot God,
- 18 want ek waag nie om enige iets, anders as wat dié Gesalfde Een deur my gedoen het ten aanhore van die ander nasies, deur boodskap en daad,
- 19 deur die krag van tekens en wonderwerke en deur die krag van die Gees van God, te sê nie, om só die verkondiging van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een te voltooi van Yerushalayim af tot by Illurikon
- 20 terwyl ek daarop konsentreer om nie die goeie boodskap te verkondig waar dié Gesalfde Een se Karakter en Outoriteit reeds uitgeroep is nie, om so nie op ’n vreemde fondament te bou nie,

- 21 maar net soos geskrywe is: "Hulle aan wie Hy nie verkondig is nie, sal Hom sien en hulle wat nie gehoor het nie, sal oortuig wees." ^{Yes 52:15}
- 22 Ek is ook baie keer verhinder om na julle toe te kom,
- 23 maar noudat ek geen plek meer het in hierdie streke nie en al baie jare die begeerte het om na julle toe te kom,
- 24 hoop ek om na julle toe te kom en julle te sien wanneer ek na Spania gaan en wanneer 'n paar van julle my daarheen sal vergesel, sal ek verheug wees om julle te sien.
- 25 Nou gaan ek egter na Yerushalayim om die afgesonderdes te bedien,
- 26 want dié wat in Makedonia en Agaia is, het dit goedgedink om te deel met die armes onder die afgesonderdes in Yerushalayim.
- 27 Hulle was gewillig omdat hulle dit ook aan hulle verskuldig is, want as hulle, in die geestelike, deelgenote gemaak is met die ander nasies, is hulle ook verskuldig om hulle met die fisiese te dien.
- 28 Wanneer ek dit dus afgehandel het en vir hulle hierdie vrug oorgegee het, sal ek by julle verbygaan Spania toe.
- 29 Ek weet dat wanneer ek na julle toe kom, ek met die volle seën van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een sal kom,
- 30 maar ek versoek julle, my broers, in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en in die liefde van die Gees, om saam met my, vir my, in gebed by God te stry
- 31 sodat ek verlos mag word van die ongehoorsame mense in Y'hudah en sodat my bediening aan die afgesonderdes wat in Yerushalayim is, goed ontvang sal word
- 32 en ek na julle toe sal kom met blydschap, in die wil van God en saam met julle verkwik word.
- 33 Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid bly by julle almal! Dit is waar!
- 16** 1 Ek vertrou aan julle toe, ons suster Foibe, wat 'n diensmaagd is van die gemeente in Kengrai
- 2 sodat julle haar kan aanvaar in ons Meester, soos dit by afgesonderdes pas en haar help in elke saak waarin sy julle hulp mag vra, want sy was ook vir baie 'n hulp en ook vir my.
- 3 Stuur vrede vir Priskilla en Akulas, my medewerkers in Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 4 wat ter wille van my lewe hulle nekke gewaag het en nie ek alleen dank hulle nie, maar ook al die gemeentes van die ander nasies.
- 5 Groet ook die gemeente by hulle aan huis. Stuur vrede vir Epaenetos, vir wie ons lief is, wat die eerste vrug vanuit Agaia vir dié Gesalfde Een is.
- 6 Stuur vrede vir Miryam wat hard gewerk het onder julle.
- 7 Stuur vrede vir Andronikos en Younias, my familie en medegevangenes, wat geken is deur die afgevaardigdes en reeds voor my in dié Gesalfde Een was.
- 8 Stuur vrede vir Amplias, wat ek lief het in die Meester.
- 9 Stuur vrede vir Ourbanos, ons medewerker in dié Gesalfde Een en Stagus, vir wie ek lief is.

- 10 Stuur vrede vir Apelles, gekies in dié Gesalfde Een. Stuur vrede vir hulle wat van die huis van Aristoboulos is.
- 11 Stuur vrede vir Herodion, my familie. Stuur vrede vir hulle wat van die huis van Narkissos is, hulle wat in die Meester is.
- 12 Stuur vrede vir Troefaina en Troefosa, wat in ons Meester gearbei het. Stuur vrede vir Persis, vir wie ek lief is, wat hard gewerk het in die Meester.
- 13 Stuur vrede vir Roufos, wat gekies is deur die Meester en vir sy en my moeder.
- 14 Stuur vrede vir Asoenkritos, Flegon en die broers wat saam met hulle is en vir Hermas, Patrobas en Hermes.
- 15 Stuur vrede vir Filologos, Youlia, Nereus en sy suster, Olumpas en al die afgesonderdes wat saam met hulle is.
- 16 Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen. Al die gemeentes van dié Gesalfde Een stuur vrede vir julle.
- 17 Ek versoek julle, my broers: wees versigtig vir hulle wat verdeeldheid en struikeling veroorsaak buite die leringe wat julle geleer het. Julle moet wegbly van hulle af,
- 18 want sulke mense dien nie ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een nie, maar hulle eie maag en hulle mislei die verstand, wil en emosie van die reines deur hulle soet woorde en seëninge.
- 19 Julle gehoorsaamheid het oral bekend geword; daarom verbly ek my oor julle en ek wens dat julle wys mag wees oor wat goed is, ^{Amo 5:15} maar onskuldig oor wat boos is. ^{Rom 12:9}
- 20 Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal die teëstander spoedig onder julle voete verbrysel. ^{Gen 3:15} Die onverdiende guns van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, sal by julle bly!
- 21 Timoteos, my medewerker, stuur vrede vir julle en Loukios en Yasoon en Sosipatros, my broers.
- 22 Ek, Tertios, wat die brief neergeskryf het, stuur vrede vir julle in die Meester.
- 23 Gaios, my gasheer, asook die hele gemeente, stuur vrede vir julle. Erastos, die tesourier van die stad en die broer Kuartos stuur vrede vir julle.
- 24 Aan God, wat in staat is om my goeie boodskap - aangaande Yeshua, Die Gesalfde Een, wat aan julle verkondig is volgens die openbaring van die geheimenisse wat van die tye van die wêreld af weggesteek is,
- 25 maar in hierdie tyd openbaar is en deur Skrifte van die profete en deur die opdrag van die ewige God, onder al die nasies vir die aanhoor deur vertroude, geleer is - aan julle te bevestig,
- 26 aan die alleenwyse Een, die eer, lof en aanbidding deur Yeshua, dié Gesalfde Een, tot in tydlose ewigheid! Dit is waar!
- 27 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle almal! Dit is waar!

Die veertiende boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Korinthos.

1 Kurintaya

{ 1 Korinthiërs }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het)

Dit is waarskynlik die tweede brief aan die Korinthiërs (die eerste is verlore), geskryf vanaf Efesos in die jaar 57.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n geroepene en afgevaardigde van Yeshua, Die Gesalfde Een, deur die wil van God; en die broer Sosthenes,
- 2 aan die gemeente van God wat in Korinthos is, geroepe en afgesonderd; wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, afgesonder is, saam met almal wat die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, in elke plek aanroep; hulle Meester sowel as ons s'n:
- 3 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God, ons Vader en ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 4 Ek dank my God elke keer namens julle vir die onverdiende guns van God wat vir julle in dié Gesalfde Een, Yeshua, gegee word,
- 5 want in alle opsigte is julle in Hom verryk, in elke onderwerp en in alle kennis,
- 6 net soos die getuienis aangaande dié Gesalfde Een bevestig is in julle,
- 7 want julle kom geen geestelike gawe kort nie, maar julle verwag die openbaarmaking van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 8 wat julle ook sal laat vasstaan tot die einde toe, om in die dag van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, sonder beskuldiging te wees.
- 9 God is vertrouenswaardig, want deur Hom is julle geroep tot die gemeenskap met Sy Seun Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester.
- 10 Ek versoek julle egter, broers, deur die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, om almal uit een boodskap te wees en dat daar nie verdeeldheid tussen julle sal wees nie, maar dat julle volmaak sal word in dieselfde gedagtes en in dieselfde opinie,
- 11 want, my broers, ek is, deur die huis van Kloë, aangaande julle laat weet: dat daar verskille onder julle is.
- 12 Dit sê ek: dat daar sommige van julle is wat sê: "Ek is van Sha'ul." Ander sê: "Ek is van Apollos." Ander sê: "Ek is van Kefa." Ander sê: "Ek is van dié Gesalfde Een."
- 13 Het dié Gesalfde Een Homself verdeel? Is Sha'ul miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die karakter en outoriteit van Sha'ul gedoop?
- 14 Ek dank my God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Krispos en Gaios
- 15 sodat niemand kan sê dat ek in my karakter en outoriteit gedoop het nie.
- 16 [Ek het ook nog die huisgesin van Estefana gedoop.] Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie,
- 17 want dié Gesalfde Een het my nie gestuur om te doop nie, maar om die goeie boodskap te verkondig, nie met wysheid van woorde nie sodat die kruis van dié Gesalfde Een nie verwerp mag word nie,
- 18 want die boodskap van die kruis is dwaasheid vir die wat besig is om vernietig te word, maar vir ons wat lewe het, is dit die krag van God,
- 19 want daar is geskrywe: "Ek sal die wysheid van die wyses vernietig en die opinies van die slimmes wegvat." Yes 29:14
- 20 Waar is die wyse? Waar is die leraar van die wet? Waar is die debatteerder van hierdie wêreld? Let op, het God nie die wysheid van hierdie wêreld as dwaas bewys nie?

- 21 Aangesien God deur Sy wysheid bepaal het dat die wêreld God nie sal ken deur sy eie wysheid nie, het God dit goedgevind om deur die dwaasheid van die verkondiging, aan die wat vertrou, lewe te gee.
- 22 Omdat die Jode 'n teken vra en die Arameërs wysheid soek,
- 23 verkondig ons dié Gesalfde Een wat gekruisig is, 'n verleentheid vir die Jode en dwaasheid vir die Arameërs,
- 24 maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Arameërs, is Hy dié Gesalfde Een, die Krag en Wysheid van God,
- 25 want wat dwaas is by God, is wyser as die mens en wat swak is by God, is sterker as die mens.
- 26 Kyk na julle eie roeping, my broers: nie baie onder julle is wys na die vlees nie; nie baie onder julle is sterk nie; nie baie onder julle is uit 'n hoë familie nie,
- 27 maar wat dwaas is by die wêreld, het God gekies om die wyse te beskaam en wat swak is by die wêreld, het God gekies om die wat sterk is, te beskaam
- 28 en wat van 'n lae stand is by die wêreld en verag is, het God gekies en wat niks is nie, om wat iets is, waardeloos te maak
- 29 sodat niemand voor Hom sou roem nie.
- 30 Vanuit Hom is julle in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua, wat vir ons die Wysheid van God, Onpartydige Opreghed, Afsonderdheid en Verlossing geword het
- 31 sodat, net soos geskrywe is: "Die wat roem, moet in יְהוָה roem." Yir 9:22-24; Ps 34:3

- 2** 1 Ek, toe ek by julle gekom het, my broers, het nie aan julle die geheimenis van God kom verkondig met 'n verhewe boodskap of geleerdheid nie,
- 2 want ek het besluit om niks anders onder julle te ken nie as Yeshua, dié Gesalfde Een en Hom as gekruisigde.
- 3 Ek het ook in baie vrees en in bewing by julle gekom
- 4 en my boodskap en my verkondiging was nie in oorredende woorde van wysheid nie, maar in die demonstrasie van die Gees en wonderwerkende krag
- 5 sodat julle vertrou nie in wysheid van mense sou wees nie, maar in die krag van God.
- 6 Ons bespreek wysheid onder die volwassenes, maar 'n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se outoriteite, wat vergaan nie,
- 7 maar ons bespreek die geheime wysheid van God, wat weggesteek was en wat God van voor die ontstaan van die aarde af beplan het, om ons in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid te bring, Ps 25:14; Spr 3:32
- 8 wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie, want as hulle dit geken het, sou hulle die Meester van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid nie gekruisig het nie,
- 9 maar soos geskrywe is: "Die oog het nie gesien en die oor het nie gehoor en dit het nie in die gedagtes van 'n mens opgekom, dít wat God voorberei het vir dié wat Hom lief het nie." Yes 52:15; 64:3,4
- 10 God het dit aan ons deur Sy Gees openbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God,

- 11 want wie ken die innerlike van die mens, as dit nie die gees van die mens is wat in hom is nie? Net so weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God,
- 12 maar ons het nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat vanuit God is sodat ons kan verstaan wat God vir ons uit onverdiende guns gegee het.
- 13 Dit wat ons ook oor praat, nie met argumente wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Gees wat Afgesonderd is leer sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.
- 14 Die natuurlike mens aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit deur die gees onderskei word,
- 15 maar die geestelike mens beoordeel alle dinge, maar self word hy deur niemand beoordeel nie.
- 16 “Want wie het die gedagtes van ^{Yes 40:13; Iyov 21:22} **הָיָה** geken dat hy Hom sou kon leer?” Ons hét egter die gedagtes van dié Gesalfde Een.
- 3** 1 Ek, my broers, kon nie met julle praat soos met geestelikes nie, maar soos met vleeslikes, soos met babas in dié Gesalfde Een.
- 2 Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie en julle is nou nog nie daartoe in staat nie ^{Heb 5:12-14}
- 3 omdat julle nog steeds vleeslik is, want aangesien daar onder julle jaloesie, argumentering en verdeeldheid is, is julle nie vleeslik en lewe julle nie na die menslike nie?
- 4 Wanneer die een sê: “Ek is van Sha’ul;” en die ander: “Ek is van Apollos”, let op, is julle nie vleeslik nie?
- 5 Wie is Sha’ul dan en wie Apollos, anders as dienaars deur wie julle vertrou het en elkeen soos wat **הָיָה** aan hom gegee het.
- 6 Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.
- 7 So is hy wat plant of hy wat natmaak dus niks nie, maar God wat laat groei.
- 8 Hy wat plant en hy wat natmaak, is egter dieselfde, maar elkeen sal sy loon volgens sy arbeid ontvang,
- 9 want ons is medewerkers van God en julle is die oes van God, die gebou van God.
- 10 Vanuit die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, het ek soos ’n wyse argitek die fondament gelê en ’n ander bou daarop, maar elkeen moet oplet hoe hy daarop bou,
- 11 want niemand kan ’n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 12 As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels -
- 13 elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. ^{Eks 34:7; Yog 15:2,5,6; Kol 3:25}
- 14 Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry.
- 15 As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen.

- 16 Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en dat die Gees van God in julle bly nie?
- 17 Wie ook al die tempel van God vernietig, hom sal God vernietig, want die tempel van God is afgesonderd en dít is julle. Num 19:13; 1 Kor 6:19; Heb 3:6
- 18 Laat niemand homself mislei nie: as iemand dink dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word sodat hy wys kan wees,
- 19 want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God, want daar is geskrywe: "Hy vang die wyse mense in hulle eie slimmigheid" Iyov 5:13
- 20 en ook: "יְהוָה ken die redenasies van die wyses, dat dit leeg is." Ps 94:11
- 21 Laat niemand daarom op mense roem nie, want alles behoort aan julle;
- 22 of dit Sha'ul is of Apollos of Kefa of die wêreld of lewe of dood of wat is, of wat nog sal wees; alles behoort aan julle,
- 23 maar julle behoort aan dié Gesalfde Een en dié Gesalfde Een aan God.
- 4** 1 Laat ons op hierdie manier deur julle gereken word as dienaars van dié Gesalfde Een en toesighouers oor die geheime van God.
- 2 Van nou af word dit hier van die toesighouers verwag dat hulle vertrouenswaardig bevind sal word,
- 3 maar vir my beteken dit weinig of ek deur julle of deur 'n menslike oordeel beoordeel word; intendeel, ek beoordeel myself nie eens nie,
- 4 want ek het niks in myself wat my pla nie. Dit verklaar my egter nie onskuldig nie, maar my Regter is יְהוָה.
- 5 Julle moet daarom niemand voor die tyd oordeel nie, nie voordat יְהוָה kom, wat die geheime dinge van die duisternis in die lig sal bring en die motiewe van die verstand, wil en emosie openbaar sal maak nie en dan sal elkeen lof van God ontvang.
- 6 In hierdie dinge, broers, het ek myself en Apollos as voorbeelde gebruik, om julle ontwil sodat julle kan leer om nie meer af te lei as wat geskrywe is nie sodat julle nie, die een of die ander, ophef teenoor 'n derde nie,
- 7 want wie ondersoek jǒú? Wat het jy wat nie vir jou gegee is nie en as dit vir jou gegee is, waarom roem jy asof dit nie vir jou gegee is nie?
- 8 Julle is alreeds uit julleself versadig! Julle het alreeds ryk geword! Julle heers ook onafhanklik van ons! O, dat julle tog maar geheers het sodat ons saam met julle kon heers,
- 9 want ek dink dat God ons afgevaardigdes aan die einde geplaas het asof tot die dood veroordeel, om 'n skouspel te word vir die wêreld, die engele en die mense!
- 10 Ons is dwaas ter wille van dié Gesalfde Een, maar julle is verstandig in dié Gesalfde Een. Ons is swak, maar julle is sterk. Julle word geëer, maar ons verag.
- 11 Tot op hierdie oomblik ly ons honger en dors, is ons kaal, word ons mishandel en het ons nie 'n huis nie
- 12 en is ons moeg van werk met ons eie hande. Word ons uitgeskel, seën ons; word ons vervolgd, hou ons dit uit;
- 13 word ons beskuldig, smee ons van hulle; ons het soos vuilgoed van die wêreld geword, die afskraapsel van almal tot nou toe.

- 14 Ek skrywe hierdie dinge nie om julle skaam te maak nie, maar soos aan liewe seuns gee ek 'n waarskuwing,
- 15 want al sou julle tien duisend instrukteurs in dié Gesalfde Een hê, het julle daarenteen nie baie vaders nie, want in dié Gesalfde Een, Yeshua, het ek aan julle geboorte gegee deur die goeie boodskap.
- 16 Daarvolgens doen ek 'n beroep op julle, word my nabootsers; ^{1 Kor 11:1}
- 17 daarom het ek Timoteos, 'n seun vir wie ek lief is en getrou is in יהוה, na julle gestuur om aan julle my lewenswyse in dié Gesalfde Een oor te dra, soos ek oral in elke gemeente leer.
- 18 Aangesien ek nie na julle toe gekom het nie, het sommige arrogant geword,
- 19 maar, as יהוה wil, sal ek gou na julle toe kom en dan sal ek sien, nie wat die opgeblase sê nie, maar hulle krag,
- 20 want die Koninkryk van God bestaan nie uit wat gesê word nie, maar in wonderwerkende krag.
- 21 Wat wil julle hê? Moet ek met 'n stok na julle toe kom of met omgee en in 'n gees van sagtheid?
- 5** 1 Seksuele immoraliteit onder julle word, in kort, gerapporteer en seksuele immoraliteit van so 'n aard as wat selfs onder die ander nasies nie genoem word nie: dat iemand die vrou van sy vader gevat het. ^{Lev 18:8; 20:11; Deut 23:1}
- 2 Julle is trots en moet eerder treur sodat hy, wat hierdie daad gedoen het, van tussen julle uit verwyder word,
- 3 want ek self, liggaamlik afwesig, maar in die gees teenwoordig, het hom wat so iets gedoen het, alreeds geoordeel, asof ek teenwoordig was.
- 4 Wanneer julle vergader en my gees saam met julle, in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, lewer so iemand aan die teëstander oor tot vernietiging van die menslike natuur in die krag van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een
- 5 sodat die gees gered kan word in die dag van ons Meester Yeshua.
- 6 Julle grootpraterij is nie goed nie. Weet julle nie? "Dit neem 'n klein bietjie suurdeeg om die hele baksel deeg te fermenteer."
- 7 Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons Pesaglam, dié Gesalfde Een, is vir ons geslag.
- 8 As gevolg hiervan, laat ons dan die fees hou, ^{Eks 12:14,24} nie met die ou suurdeeg of met suurdeeg wat in boosheid of bitterheid is nie, maar met die ongesuurdheid van reinheid en afgesonderdheid.
- 9 Ek het vir julle in 'n brief geskryf om nie met seksueel immorele mense te meng nie;
- 10 dit beteken nie die seksueel immorele mense van hierdie wêreld of die gierigaards of afpersers of afgodedienaars nie, want dan sou julle uit die wêreld uit moes gaan,
- 11 maar dit het ek aan julle geskryf: om nie te meng met iemand wat 'n broer genoem word en dan 'n seksueel immorele mens is of 'n gierigaard of 'n afgodsdienaar of 'n kwaadprater en bedriëer of 'n dronkaard of 'n afperser en dief is nie. Met so iemand moet julle selfs nie saam brood eet nie,

12 want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? Oordeel die wat binne is,
13 maar die wat buite is, word deur God geoordeel. ^{Deut 13:6-8; 17:7,12; 19:19; 21:21; 24:7} Verwyder
die bese een onder julle uit.

6 1 Waag sekeres van julle wat 'n saak teen 'n ander het om 'n oordeel te gaan soek
voor die wat boos is en nie voor die afgesonderdes nie? ^{2 Kro 19:5-11}

2 Weet julle nie dat die afgesonderdes die wêreld sal oordeel nie? As die wêreld deur
julle geoordeel gaan word, is julle dan onbevoeg om in hierdie kleinste van dinge
te beoordeel?

3 Weet julle nie dat ons engele oordeel nie, hoeveel te meer die wat van dié lewe is?

4 As julle dan regsake het oor dinge van dié lewe, moet julle persone daarvoor laat sit
wat geen stand in die gemeente het nie?

5 Ek sê dit nou vir julle so: is daar dan nie een wyse onder julle, wat in staat is om
uitspraak tussen sy broers te gee nie?

6 Broer verskil met broer en dit selfs voor die wat nie vertrou nie!

7 Deurdat julle regsake met mekaar het, het julle juisself klaar geoordeel. Waarom nie
eerder verkeerd behandel word nie? Waarom nie eerder ingedoen word nie?

8 Julle doen egter verkeerd en bedrieg ook julle broers.

9 Of weet julle nie dat bese mense nie die Koninkryk van God sal erf nie? Moenie
mislei wees nie! Geen persoon wat vrye seksuele gemeenskap beoefen of beelde
aanbid of buite sy huwelik seksuele gemeenskap het ^{Deut 23:1} of molesteerders of
homoseksuele ^{Lev 18:22,23; 20:13; Rom 1:26; 1 Tim 1:10}

10 of hebsugtiges of diewe of dronkaards of moeilikheidmakers of uitbuiters sal die
Koninkryk van God erf nie.

11 Van hierdie dinge was in elkeen van julle, maar julle is skoon deur die doop, julle
is afgesonderd, julle is onskuldig verklaar in die Karakter en Outoriteit van ons
Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en deur die Gees van ons God.

12 Alles is onder my outoriteit, maar nie alles is tot voordeel nie. Alles is onder my
outoriteit, maar ek sal niks daarvan oor my laat heers nie.

13 “Die kos is vir die maag en die maag is vir die kos,” maar God sal albei tot niet
maak en die liggaam is nie vir seksuele immoraliteit nie, maar vir ons Meester en
ons Meester vir die liggaam.

14 God het ook ons Meester laat opstaan en laat ons opstaan deur Sy krag.

15 Weet julle nie dat julle liggame lede van dié Gesalfde Een is nie? Sal ek daarvolgens
die lede van dié Gesalfde Een vat en dit lede van 'n hoer maak? 'n Verwerplike
gedagte!

16 Of weet julle nie dat hy wat hom vaskleef aan 'n hoer, met haar een liggaam is nie,
want dit sê dat hulle altwee een vlees sal wees, ^{Gen 2:24}

17 maar wie aan ons Meester vashou, is van een Gees met Hom.

18 Vlug vir seksuele immoraliteit. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam,
maar wie seksuele immoraliteit beoefen sondig teen sy eie liggaam.

19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat
in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan juisself nie,
^{Num 19:13; Yog 2:21; 1 Kor 3:16,17}

20 want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

7 1 Na aanleiding van dit waaroor julle aan my geskryf het: dit is goed vir 'n man om nie by 'n vrou te kom nie,

2 maar as gevolg van die seksuele immoraliteit, laat 'n man 'n vrou vat en 'n vrou haar man vat.

3 Die man moet aan die vrou die liefde, wat verskuldig is, gee en net so ook die vrou aan haar man.

4 Die vrou het nie magtiging oor haar eie liggaam nie, maar die man en net so ook het die man nie magtiging oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.

5 Onthou julle nie van mekaar nie, behalwe as julle albei saamstem oor 'n bepaalde tyd met die doel om julle aan vas en gebed te kan wy en kom terug na plesier sodat die teëstander julle nie versoek deur die begeertes van julle liggame nie.

6 Dit sê ek egter aan die swakkeres, nie by wyse van opdrag nie,

7 want ek wens dat alle mense in reinheid soos ek is, maar elkeen het sy eie geestelike gawe van God, die een so, maar die ander weer anders.

8 Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek, dit is voordelig as hulle bly soos ek,

9 maar as hulle nie kan volhard nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand.

10 Aan die getroudes beveel ek, nie ek nie, maar die Meester, dat die vrou nie van haar man mag weggaan nie Mal 2:16; Mat 5:31-32; Mar 10:4-12

11 en as sy tog van hom af weggaan, moet sy ongetroud bly, of haar verhouding met haar man herstel en die man moet sy vrou nie in die steek laat nie.

12 Vir die ander sê ek, nie my Meester nie, as enige broer 'n ongelowige vrou het en sy dit goeddink om saam met hom te bly, moet hy haar nie verwerp nie

13 en as enige vrou 'n ongelowige man het en hy dit goeddink om saam met haar te bly, moet sy hom nie verwerp nie,

14 want die ongelowige man is afgesonder deur die vrou en die ongelowige vrou is afgesonder deur die man, want anders sou julle seuns 'onrein' wees, maar nou is hulle rein.

15 As die ongelowige wil weggaan, laat hom weggaan. In sulke gevalle is die broer of suster nie as slaaf gebind nie, maar God het ons tot vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid geroep,

16 want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?

17 Elkeen moet leef met dit wat יהיה hom gegee het, net soos elkeen was toe God hom geroep het en so beveel ek in al die gemeentes.

18 Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie.

19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die uitvoer van die opdragte van God, is wat tel. Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; Gal 5:2-6; Kol 2:11

20 Laat elkeen in dié roeping bly waarin hy geroep is.

- 21 Is jy as slaaf geroep, moenie dat dit jou pla nie, maar as jy vryheid kan verkry, kies self om te dien,
- 22 want die slaaf wat in ons Meester geroep is, is 'n vrygemaakte van God; net so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van dié Gesalfde Een.
- 23 Julle is met 'n prys gekoop; moenie slawe van mense wees nie.
- 24 Laat elkeen, broers, in dít waarin hy geroep is, bly voor God.
- 25 In verband met die maagde het ek geen outoriteit van die Meester nie, maar ek gee my advies as iemand wat deur die guns van ons Meester vertrouenswaardig is.
- 26 Ek dink, vanweë die onderdrukking wat op hande is, dat dit goed is vir 'n mens om so te bly.
- 27 Is jy aan 'n vrou verbonde, moenie soek om los te wees nie; is jy los van 'n vrou, moenie 'n vrou soek nie,
- 28 maar as jy 'n vrou vat, sondig jy nie en as 'n maagd trou, sondig sy nie, maar sulke mense sal probleme hê aan die vlees en ek wil julle dit spaar.
- 29 Dit sê ek, broers, die bepaalde tyd is kort; van nou af moet ook die wat vroue het, wees asof hulle nie het nie
- 30 en die wat huil, asof hulle nie huil nie en die wat bly is, asof hulle nie bly is nie en die wat koop, asof hulle dit nie kry nie
- 31 en die wat hierdie wêreld gebruik, asof hulle nie vasgevang is daarin nie, want die toestand van hierdie wêreld gaan verby.
- 32 As gevolg hiervan wil ek hê dat julle sonder sorg moet wees. Die ongetroude gee om vir die dinge van sy Meester, hoe hy sy Meester kan tevrede stel,
- 33 maar die getroude gee om vir die dinge van die wêreld, hoe hy die vrou sal tevrede stel.
- 34 Daar is ook verskil tussen 'n vrou en 'n maagd: die ongetroude gee om vir die dinge van haar Meester, om afgesonderd te wees na liggaam sowel as na gees, maar die getroude gee om vir die dinge van die wêreld, hoe sy haar man sal tevrede stel.
- 35 Ek sê hierdie dinge tot julle eie voordeel, nie om julle te beperk nie, maar dat julle getrou aan julle Meester sal wees op 'n mooi manier en nie aandag gee aan die wêreld nie.
- 36 As iemand meen dat hy tot skande gemaak word deur sy maagdelike dogter as sy oor die fleur van haar jeug is en hy haar nie vir 'n man gegee het nie en dit is gepas om haar te gee, sondig hy nie. Sy mag trou.
- 37 Hy wat waarlik vasstaan in sy gedagtes en nie onder dwang verkeer vir plesier nie, maar outoriteit het oor sy eie wil en dit in sy eie verstand, wil en emosie besluit het om sy dogter 'n maagd te hou, hy doen goed;
- 38 daarom, hy wat sy maagdelike dogter in die huwelik uitgee, doen goed, maar hy wat nie sy maagdelike dogter in die huwelik uitgee nie, doen beter.
- 39 'n Vrou is deur die geskrewe wet gebind solank as wat haar man lewe, maar as die man dood is, is sy vry om te trou met wie sy wil, solank hy in ons Meester is.
- 40 Sy is egter gelukkiger as sy so bly, volgens my opinie en ek dink dat ek ook die Gees van God het.

- 8 1 Aangaande die offers wat aan afgode geoffer word, weet ons dat ons almal kennis het. Die kennis blaas op, maar die liefde bou op.
- 2 As iemand dink dat hy enige iets ken, ken hy nog niks soos 'n mens dit behoort te ken nie,
- 3 maar as iemand God lief het, dié word deur Hom geken;
- 4 daarom, wat kos betref wat aan afgode geoffer is, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe een, ^{Deut 6:4; Yir 16:13}
- 5 want al is daar ook sogenaamde “gode,” of dit in die hemel en of dit op die aarde is, sodat daar dan ook baie “gode” en baie “meesters” is,
- 6 is daar vir ons een God-die-Vader, ^{Yog 10:30; Yog 17:21; Rom 14:9} vanuit Wie alles is en ons is in Hom; een Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, want alles is in Sy hand en ook ons is in Sy hand.
- 7 Nie almal het dié kennis nie. Meer nog, sommige wat nou nog bewus is van die afgod, eet dit as 'n afgodsoffer en hulle gewete, wat swak is, word besoedel,
- 8 maar kos bring ons nie nader aan God nie, want as ons eet, baat ons niks nie en as ons nie eet nie, verloor ons niks nie.
- 9 Wees versigtig dat hierdie sterkte van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie,
- 10 want as iemand jou wat kennis het, aan tafel sien in 'n afgodstempel, sal sy gewete, as hy 'n swak man is, nie aangemoedig word om van die kos wat aan die afgode geoffer is te eet nie?
- 11 Moet die swak broer vir wie dié Gesalfde Een gesterf het, vernietig word deur jou kennis?
- 12 As jy op dié manier jou broers onderdruk en op hulle gewete wat swak is trap, sondig julle teen dié Gesalfde Een.
- 13 As kos dus my broer laat struikel, sal ek vir ewig geen vleis eet nie, om nie sonde na my broer toe te bring nie.
- 9 1 Is ek nie vry nie? Is ek nie 'n afgevaardigde nie? Het ek Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester, nie gesien nie? Is julle nie my werk in my Meester nie?
- 2 As ek nie vir ander 'n afgevaardigde was nie, is ek dit vir julle en julle is die seël op my amp as afgevaardigde.
- 3 My antwoord vir die wat my beoordeel, is dít:
- 4 Hoekom mag ons nie eet en drink nie?
- 5 Is dit nie reg vir ons om 'n suster as vrou met ons saam te vat op reis, soos die ander afgevaardigdes, die broers van ons Meester en Kefa, nie?
- 6 Of is dit net ek en Bar-Nabba wat nie die outoriteit het om nie hande-arbeid te doen nie?
- 7 Wie baklei in 'n oorlog op eie koste? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrug nie? Of wie pas 'n kudde op en gebruik nie van die melk van die kudde nie?
- 8 Sê ek dit miskien menslikerwys? Let op, die geskrewe wet sê ook hierdie dinge,
- 9 want in die geskrewe wet van Mosheh is geskryf: “Jy mag nie 'n os wat besig is om te dors, muilband nie.” ^{Deut 25:4; Luk 10:7; Gal 6:6; 1 Tim 5:18} Is dit oor osse wat God besorg is?

- 10 Dit word verstaan dat Hy dit vir ons onthalwe sê en dit vir ons geskryf is omdat hy wat ploeg, met versekerde verwagting moet ploeg en hy wat dors, met versekerde verwagting vir 'n oes.
- 11 As ons geestelik by julle gesaai het, is dit dan 'n groot ding as ons die fisiese vanaf julle sal oes?
- 12 As ander outoriteit oor julle het, is dit nie te meer gepas vir ons nie? Ons het nie hierdie outoriteit gebruik nie, maar alles verdra om nie 'n hindernis te wees vir die goeie boodskap van dié Gesalfde Een nie.
- 13 Weet julle nie dat dié wat in die afgesonderde tempel werk, vanuit die afgesonderde tempel voorsien word nie en dat die wat by die altaar bedien, met die altaar deel nie?
- 14 Op die manier het ons Meester ook beveel dat die wat die goeie boodskap verkondig, vanuit die goeie boodskap moet lewe,
- 15 maar ek is nie gewoond aan een van dié dinge nie en ek skryf ook nie met die doel dat dit vir my gedoen word nie, want dit sou vir my beter wees om dood te gaan as dat iemand my eer en lof tot niks sou maak nie,
- 16 want as ek ook die goeie boodskap verkondig, is dit vir my geen roem nie, want die dringendheid is op my gelê en wee my as ek die goeie boodskap nie verkondig nie!
- 17 As ek dit vrywillig doen, het ek loon, maar as ek dit onwillig doen, is 'n verantwoordelikheid aan my toevertrou.
- 18 Watter loon het ek daardeur? Dat as ek die goeie boodskap verkondig, ek die goeie boodskap van dié Gesalfde Een kosteloos bring en nie my outoriteit in die goeie boodskap gebruik nie,
- 19 want alhoewel ek vry is van alles, het ek my 'n slaaf van almal gemaak om baie te wen.
- 20 Ek was by die Jode, as 'n Jood, om die Jode te wen; by die wat onder die geskrewe wet is, soos een wat onder die geskrewe wet is, om die wat onder die geskrewe wet is, te wen.
- 21 Vir die wat nie die geskrewe wet het nie, soos een wat nie die geskrewe wet het nie terwyl ek nie vir God sonder die wet is nie, maar in die wet van dié Gesalfde Een sodat ek ook die wat sonder die geskrewe wet is, kan wen.
- 22 Ek was by die swakkes as swak om die swakkes te wen; vir almal het ek alles geword om almal te red,
- 23 maar dit het ek gedoen sodat ek 'n deelgenoot van die goeie boodskap kan wees.
- 24 Weet julle nie dat die wat in die stadion hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys kry nie? Hardloop op so manier dat julle dit sal kry.
- 25 Elkeen wat aan 'n kompetisie deelneem, dissiplineer sy gedagtes: hulle om 'n verganklike kroon te ontvang, maar ons 'n onverganklike.
- 26 Ek hardloop daarvolgens soos een wat nie onseker is nie, ek neem deel soos een wat nie in die lug slaan nie,
- 27 maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit gehoorsaam sodat ek nie terwyl ek vir ander verkondig het, self verwerplik sou wees nie.

- 10 ¹ My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was ^{Eks 13:21-22} en almal deur die see gegaan het, ^{Eks 14:19-31}
- 2 almal deur Mosheh ingedoopt is in die wolk en in die see,
- 3 almal dieselfde geestelike kos geëet het ^{Eks 16:4-36}
- 4 en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat is ^{Eks 17:1-7; Ps 105:41} en die Rots is dié Gesalfde Een.
- 5 Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. ^{Num 14:27-38; 26:63-65}
- 6 Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie
- 7 en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: "Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel." ^{Eks 32:6}
- 8 Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie.
- 9 Laat ons ook nie dié Gesalfde Een toets soos sommige van hulle getoets het en slange hulle vernietig het nie. ^{Num 21:4-6}
- 10 Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. ^{Eks 12:23; Num 17:6-13}
- 11 Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.
- 12 Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.
- 13 Geen versoeking het na julle toe gekom behalwe van 'n mens nie, maar God is vertrouwenswaardig, wat nie sal toelaat dat julle bo julle vermoë getoets word nie, maar Hy sal vir julle versoeking ook 'n uitkoms gee sodat julle dit sal kan verdra. ^{Ya'a 1:13-15}
- 14 Om hierdie rede, julle vir wie ek lief is, vlug weg van die diens aan afgode.
- 15 Ek praat soos met intelligente mense; beoordeel self wat ek sê:
- 16 Die beker van danksegging wat ons oor bid, is dit nie deelname aan die Teenwoordigheid van die bloed van dié Gesalfde Een nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die Teenwoordigheid van die liggaam van dié Gesalfde Een nie?
- 17 Net soos dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons deel almal aan die een Brood.
- 18 Let op na die fisiese Yisra'el: het hulle wat die offers eet, nie deel aan die altaar nie?
- 19 Wat sê ek dus? Dat 'n afgod enige iets is, of dat 'n afgodsoffer enige iets is? Nee!
- 20 Dit wat die heidene offer, offer hulle aan demone en nie aan God nie en ek wil nie hê dat julle deel moet kry aan demone nie.
- 21 Julle kan nie die beker van ons Meester drink en die beker van demone nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van ons Meester en aan die tafel van demone nie.
- 22 Of wil ons die jaloesie van ons Meester opwek? Is ons sterker as Hy?
- 23 Alles is onder my outoriteit, maar nie alles is tot voordeel nie. Alles is onder my outoriteit, maar nie alles bou op nie.

- 24 Niemand moet nêr sy eie belange soek nie, maar óók die belange van sy naaste.
25 Jy mag alles eet wat in die slaghuys verkoop word sonder navraag, ter wille van die gewete,
26 want die aarde behoort aan יהוה en alles wat dit vol maak.
27 As een van die ongelowiges julle nooi en julle wil gaan, eet dan alles wat vir julle voorgesit word, sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.
28 As iemand egter vir julle sê: “Dit is geoffer”, mag jy dit nie eet nie, as gevolg van dit wat hy vir jou gesê het en ter wille van die gewete.
29 Ek sê nie jou gewete nie, maar die van die een wat jou vertel het, want waarom word my vryheid geoordeel deur ’n ander se gewete?
30 As ek in onverdiende guns optree, waarom word ek sleg van gepraat oor iets waarvoor ek dank?
31 Of julle dan eet of drink of enige iets doen, doen alles tot eer, lof en aanbidding van God.
32 Wees sonder oortreding vir die Jode, die Arameërs of vir die gemeente van God;
33 net soos ek almal in alles tevrede stel en nie my eie voordeel soek nie, maar dié van baie sodat hulle lewe mag hê.

- 11** 1 Word my nabootsers, net soos ek ook dié Gesalfde Een naboots. ^{1 Kor 4:16}
2 Ek prys julle, my broers, dat julle my in alles onthou en die opdragte uitvoer soos ek dit aan julle oorgegee het,
3 maar ek wil hê dat julle moet weet dat dié Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en God is die hoof van dié Gesalfde Een. ^{Luk 10:16; Rom 13:1,2; Heb 13:17}
4 Elke man wat bid of profeteer met sy kop toegemaak, onteer sy hoof
5 en elke vrou wat bid of profeteer met haar kop ontbloot, onteer haar hoof, want sy is net soos een wie se kop geskeer is,
6 want as ’n vrou se kop nie toegemaak is nie, laat sy dan ook haar kop skeer, maar as dit vir ’n vrou lelik is om haar hare te sny of te skeer, laat sy haar kop heeltemal toemaak.
7 ’n Man is nie verplig om sy kop toe te maak nie omdat hy die beeld, eer en lof van God is, maar die vrou is die eer en lof van die man,
8 want die man is nie vanuit die vrou nie, maar die vrou vanuit die man ^{Gen 2:21-23}
9 en die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man. ^{Gen 2:18}
10 Die vrou moet daarom ’n aanduiding van outoriteit oor haar kop hê ter wille van die engele.
11 Tog is die man nie afsonderlik van die vrou nie en die vrou ook nie afsonderlik van die man in ons Meester nie,
12 want net soos die vrou vanuit die man is, so is ook die man deur die vrou, maar alles is vanaf God.
13 Beoordeel onder julleself: is dit reg vir ’n vrou om met onbedekte kop tot God te bid?
14 Of leer die natuurlike toestand (normale) self julle nie dat as ’n man sy hare laat groei, dit vir hom ’n oneer is nie ^{Yeg 44:20}

- 15 en wanneer 'n vrou haar hare laat groei, dit vir haar 'n eer en lof is omdat haar hare vir haar gegee is as 'n bedekking nie?
- 16 As iemand hieroor wil stry; nie ons of die gemeentes van God het so 'n gebruik nie,
- 17 maar in die gee van die volgende opdrag, kan ek julle nie loof nie omdat dit nie tot julle voordeel is dat julle bymekaargekom het nie, maar julle het tot gemeenheid afgedaal.
- 18 In die eerste plek hoor ek dat, as julle bymekaarkom in die gemeente, daar verdeeldheid onder julle is en sekere dinge glo ek,
- 19 want daar sál ook verskille onder julle wees sodat dié wat goedgekeur word onder julle bekend mag word.
- 20 Wanneer julle só bymekaarkom, dan is dit nie op die regte manier dat julle op die dag van ons Meester eet en drink nie,
- 21 want elkeen eet voor die ander, op sy eie en die een ly honger terwyl die ander dronk is.
- 22 Het julle dan nie huise om in te eet en te drink nie? Of verag julle die gemeente van God en maak julle dié skaam wat nie het nie? Wat sal ek vir julle sê? Sal ek julle loof? Hierin loof ek julle nie,
- 23 want ek het van ons Meester gekry wat ek ook aan julle oorgegee het, dat ons Meester, Yeshua, in die nag waarin Hy oorgegee is, brood gevat het
- 24 en Hy het dit geseën, dit gebreek en gesê: 'Vat en eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; so moet julle doen om aan My te dink.'
- 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: 'Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed; ^{Yir 31:30-33; Mat 26:28} so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan My te dink,'
- 26 want elke keer as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, onthou julle die dood van ons Meester totdat Hy kom.
- 27 Wie, daarom, van die brood van Die Meester eet en van Sy beker drink en nie daaraan waardig is nie, is skuldig aan die liggaam en die bloed van Die Meester.
- 28 Laat elkeen sy verstand, wil en emosie as gevolg hiervan ondersoek en dan van die brood eet en uit die beker drink,
- 29 want wie ook al eet en drink terwyl hy onwaardig is, eet en drink 'n oordeel oor homself, as hy die liggaam van Die Meester nie erken nie.
- 30 As gevolg hiervan is daar baie onder julle wat siek en sieklik is en baie sterf,
- 31 want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie,
- 32 maar as ons geoordeel word deur ons Meester, word ons ernstig gestraf sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie. ^{Heb 12:5-11}
- 33 Van nou af, my broers, as julle bymekaarkom om te eet, wag vir mekaar
- 34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet sodat julle nie tot 'n oordeel bymekaarkom nie. Aangaande die ander sake sal ek opdragte gee wanneer ek kom.
- 12** 1 Wat die geestelike dinge betref, my broers, wil ek dat julle weet
- 2 dat toe julle ongelowiges was, julle sonder onderskeiding gelei is deur afgode wat stom is. ^{Ps 115:4-9}

- 3 Ek sê daarom vir julle dat niemand wat deur die Gees van God praat, Yeshua 'n vervloeking noem nie en niemand kan sê: "Yeshua is Die Meester," behalwe deur die Gees wat Afgesonderd is nie. ^{1 Yog 4:2}
- 4 Daar is 'n verskeidenheid van gawes, maar die Gees is een.
- 5 Daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar ידן is een.
- 6 Daar is 'n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,
- 7 maar aan elke persoon word die openbaring van die Gees gegee ^{1 Kef 4:10} soos dit hom help.
- 8 Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;
- 9 aan 'n ander vertrou in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees,
- 10 maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.
- 11 Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil,
- 12 want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook in dié Gesalfde Een,
- 13 want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,
- 14 want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.
- 15 As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
- 16 As die oor sou sê: 'Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
- 17 As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?
- 18 Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.
- 19 As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?
- 20 Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.
- 21 Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie;' of ook die kop vir die voete: 'Ek het julle nie nodig nie,'
- 22 maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word, noodsaaklik
- 23 en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie
- 24 terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee
- 25 sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee.
- 26 Nou, as een ledemaat ly, sal almal die pyn deel en as een ledemaat hom verheug, verheug al die ledemate hulle saam
- 27 en julle is die liggaam van dié Gesalfde Een en ledemate op julle plekke.

- 28 God het in Sy gemeente geplaas: eerstens afgevaardigdes, na hulle profete, na hulle leermeesters, na hulle werkers van wonderwerke, na hulle gawes van gesondmaking, helpers, leiers en verskillende tale.
- 29 Is almal van hulle afgevaardigdes? Is almal van hulle profete? Is almal van hulle leermeesters? Is almal van hulle werkers van wonderwerke?
- 30 Het almal van hulle die gawes van gesondmaking? Praat almal van hulle in tale? Vertaal almal van hulle?
- 31 As julle ywerig is na die groter gawes sal ek vir julle 'n beter manier wys:

- 13** 1 As ek al die tale van mense en engele praat en ek het nie liefde in my nie, dan sal ek kletterende koper of 'n rasende simbaal word.
- 2 As ek profesieë in my het, al die geheime ken, al die kennis het en as ek al die vertrouwe in my het sodat ek berge kon verwyder, maar ek het nie liefde in my nie, sal ek niks wees nie.
- 3 As ek alles wat ek het vir die armes gee en as ek my liggaam oorgee om daardeur te roem en ek het nie liefde in my nie, dan is dit vir my geen voordeel nie.
- 4 Liefde is geduldig en sag. Liefde is nie jaloers nie. Liefde word nie omvergewerp nie, is nie opgeblase nie,
- 5 doen nie wat skandelik is nie, soek ook nie sy eie belange nie, word ook nie gou opgewerk nie, hou hom ook nie op met die bose nie,
- 6 verheug hom nie in die bose nie, maar verheug hom in die waarheid;
- 7 hou in alles uit, vertrou alles, het 'n versekerde verwagting in alles, verdra alles.
- 8 Liefde faal nooit nie; profesieë sal ophou, tale sal stilgemaak word en kennis sal niks wees nie,
- 9 want ons ken 'n bietjie van baie en ons profeteer 'n bietjie van baie,
- 10 maar as die volmaaktheid gekom het, dan sal wat gedeeltelik is, niks wees nie.
- 11 Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, is gelei soos 'n kind en het gedink soos 'n kind, maar toe ek 'n man geword het, het ek opgehou met hierdie dinge van 'n kind.
- 12 Nou sien ons soos in 'n spieël in vergelykende stories, maar dan van gesig tot gesig. Nou ken ek 'n bietjie van baie, maar dan sal ek ken, net soos ek geken is.
- 13 Van hierdie dinge is daar drie wat voortgaan: vertrouwe, versekerde verwagting en liefde, maar die grootste hiervan is liefde. ^{1 Thes 1:3}

- 14** 1 Hardloop agter liefde aan en wees ywerig vir die gawes van die Gees, maar veral om te profeteer,
- 2 want hy wat in 'n taal praat, praat nie met mense nie, maar met God, want niemand verstaan wat hy sê nie, maar deur die Gees praat hy geheime.
- 3 Hy wat profeteer, praat egter woorde van opbouing, aanmoediging en vertroosting tot mense.
- 4 Hy wat in 'n taal praat, bou homself op, maar hy wat profeteer, bou die gemeente op.
- 5 Ek wens dat julle almal in tale mag praat, maar meer nog dat julle profeteer, want hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale praat, of anders moet hy dit vertaal. As hy vertaal, word die gemeente opgebou.

- 6 Nou, my broers, as ek na julle toe kom en in tale praat, tot watter voordeel sal ek vir julle wees as ek nie met julle praat òf deur 'n openbaring, òf deur kennis, òf deur profesie, òf deur lering nie?
- 7 Selfs vir lewelope dingetjies wat 'n klank gee, 'n fluit of 'n harp, as hulle nie 'n verskil in note maak nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of harp gespeel word?
- 8 Ook, as die ramshoring 'n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die geveg?
- 9 Net so ook julle, as julle woorde in tale praat en dit nie vertaal nie, hoe sal 'n mens enige iets weet wat jy sê? Julle sal wees soos een wat in die lug praat.
- 10 Let op, daar is baie soorte tale in die wêreld en geeneen daarvan is sonder klank nie.
- 11 As ek nie die betekenis van die taal ken nie, is ek vir die een wat praat 'n vreemdeling en die een wat praat sal vir my 'n vreemdeling wees.
- 12 Terwyl julle 'n ywer het na die gewoontes van die Gees moet julle net so oorfloediglik soek na dit wat die gemeente sal opbou.
- 13 Laat hom wat in tale praat, bid dat hy dit kan vertaal,
- 14 want as ek in tale bid, dan bid my gees, maar my verstand is vrugtelos.
- 15 Wat sal ek daarom doen? Ek sal bid met my gees en ek sal ook bid met my verstand. Ek sal sing met my gees en ek sal ook sing met my verstand.
- 16 Anders, as jy met die gees 'n seën uitspreek, hoe sal hy wat nog onkundig is, 'Dit is waar' sê op jou seën, aangesien hy nie verstaan wat jy sê nie,
- 17 want jou seën is wel goed, maar die ander een word nie opgebou nie.
- 18 Ek dank my God dat ek meer in tale praat as julle almal,
- 19 maar in die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand praat om ook ander te leer, as tien duisend woorde in tale.
- 20 My broers, moenie kinders in julle verstaansvermoë wees nie, maar wees babas tot boosheid en wees ten volle volwasse in julle verstaansvermoë. ^{Amo 5:15; Rom 16:19}
- 21 In die wet is geskryf: "Ek sal deur vreemde spraak en deur 'n ander taal met hierdie mense praat en dan sal hulle ook nie na My luister nie," sê יהוה. ^{Deut 28:49; Yes 28:11-12}
- 22 So is tale, as 'n teken, vasgestel, nie vir dié wat vertrou nie, maar vir die ongelowiges, maar profesie is nie vir die ongelowiges nie, maar vir dié wat vertrou;
- 23 daarom, as die hele gemeente bymekaarkom en hulle sou almal in tale praat en die ongelowiges of ongelowiges kom in, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig geword het nie?
- 24 As almal van julle sal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n ongelowige inkom, dan word hy deur almal ondersoek en deur almal aangespreek
- 25 en die geheime van sy denke, wil en emosie word openbaar en dan sal hy op sy gesig neerval, God aanbid en sê dat God werklik in julle is.
- 26 Ek sê daarom my broers, dat wanneer julle bymekaarkom, wie van julle ook al 'n gedig met musiek het, laat hom praat, of wie ook al 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n vertaling het, laat alles wees tot opbouing.
- 27 As mense in 'n taal praat, laat dit dan wees twee of hoogstens drie; laat elkeen praat en laat een vertaal,
- 28 maar as daar geen vertaler is nie, laat hy wat in 'n taal praat in die gemeente stilbly en laat hy net met homself en met God praat.

- 29 Laat twee of drie profete praat en laat die ander dit onderskei
 30 en as daar iets openbaar word aan 'n ander een wat sit, laat die eerste een stilbly,
 31 want julle kan almal een vir een profeteer sodat almal kan leer en almal versterk word,
 32 want die gees van die profeet is aan die profeet gehoorsaam,
 33 want God is nie 'n God van onbeheersdheid nie, maar van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, soos in al die gemeentes van die afgesonderdes.
 34 Laat julle vrouens in die gemeentes stilbly, want dit is hulle nie toegelaat om te praat nie, maar om onderdanig te wees, net soos die geskrewe wet sê.
 35 As hulle iets wil leer, laat hulle by die huis hulle eie mans vra, want dit is skandelik vir daardie vrou om in die gemeente te praat.
 36 Of het die boodskap van God van julle af uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?
 37 As iemand onder julle dink dat hy 'n profeet, of van die Gees is, laat hy weet dat wat ek vir julle skryf, opdragte van ons Meester is,
 38 maar as iemand dit nie weet nie, sal hy onkundig bly.
 39 Beywer julle daarom, my broers, om te profeteer en moenie die praat in tale verbied nie,
 40 maar laat alles in ordentlikheid en met orde gedoen word.

- 15** 1 My broers, ek leer vir julle die goeie boodskap wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aanvaar het, waarin julle ook staan,
 2 waardeur julle lewe het, (dié wat die boodskap onthou wat ek aan julle verkondig het) anders het julle sonder rede vertrou.
 3 Ek het van die begin af aan julle oorgedra wat ek ook ontvang het, dat dié Gesalfde Een vir ons sondes gesterf het, ^{Yes 53:10-12} net soos dit geskryf is; ^{Yes 52:13-}
 4 dat Hy begrawe is ^{Yes 53:9a} en dat Hy na drie dae opgestaan het, ^{Yon 2:1; Mat 12:39,40} net soos geskryf is
 5 en dat Hy aan Kefa verskyn het; daarna aan die twaalf.
 6 Daarna het Hy verskyn aan meer as vyf honderd broers by een geleentheid, waarvan baie nou nog lewe, maar sommige reeds dood is.
 7 Daarna het Hy verskyn aan Ya'akov; daarna aan al die afgevaardigdes
 8 en laaste van almal, asof aan 'n ongebore baba, het Hy ook aan my verskyn,
 9 want ek is die geringste van die afgevaardigdes, wat nie werd is om 'n afgevaardigde genoem te word nie omdat ek die gemeente van God vervolg het.
 10 Deur die onverdiende guns van God is ek egter wat ek is en Sy onverdiende guns aan my was nie tevergeefs nie, maar ek het meer gewerk as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die onverdiende guns van God wat by my is;
 11 daarom, of dit nou ek is of hulle, so verkondig ons en so het julle vertrou.
 12 As dié Gesalfde Een verkondig word, wat uit die dood uit opgestaan het, hoe sê sommige onder julle dat daar nie lewe is vir die dooies nie?
 13 As daar geen lewe vir die dooies is nie, dan is dié Gesalfde Een ook nie opgewek nie

- 14 en as dié Gesalfde Een nie opgewek is nie, dan is ons verkondiging waardeloos en waardeloos ook julle vertroue.
- 15 Dan word ons as valse getuies van God bevind omdat ons van God getuig het dat Hy dié Gesalfde Een opgewek het terwyl Hy Hom nie opgewek het nie,
- 16 want as die wat dood is nie weer sal lewe nie, dan lewe selfs dié Gesalfde Een ook nie
- 17 en as dié Gesalfde Een nie lewend is nie, dan is julle vertroue leeg en is julle nog in julle sondes
- 18 en dan het ook dié wat in dié Gesalfde Een dood is, sonder twyfel vergaan.
- 19 As ons net in hierdie lewe op dié Gesalfde Een 'n versekerde verwagting het, dan is ons die bejammerenswaardigste van alle mense,
- 20 maar nou, dié Gesalfde Een is opgewek uit die dood uit en Hy is die eersteling vrug van dié wat dood is. Lev 23:10-14
- 21 Net soos die dood deur 'n mens gekom het, net so het die lewe van hulle wat dood is, deur 'n Mens gekom,
- 22 want net soos alle mense deur Adam doodgaan, net so sal hulle ook almal in dié Gesalfde Een lewe.
- 23 Elke persoon in sy orde: die eersteling vrug is dié Gesalfde Een, daarna hulle wat aan dié Gesalfde Een behoort, wanneer Hy kom
- 24 en dan kom die einde, wanneer Hy die Koninkryk aan God die Vader oorgee, wanneer Hy elke heerser en elke outoriteit en alle kragte vernietig het, Mat 28:18
- 25 want Hy gaan heers totdat Hy al Sy vyande onder Sy voete Ps 110:1; Hand 2:35; Heb 10:13 geplaas het.
- 26 Die laaste vyand wat Hy vernietig, is die dood.
- 27 "Want Hy het alles onderwerp onder Sy voete," maar wanneer Hy sê dat alles ondergeskik gemaak is, is dit duidelik dat Hy wat alles aan Hom ondergeskik gemaak het, uitgesonder is Efe 1:22,23; Heb 2:8
- 28 en wanneer alles ondergeskik aan Hom gemaak is, dan sal ook die Seun Homself ondergeskik maak aan die Een wat alles ondergeskik aan Hom gemaak het sodat God alles in almal kan wees. Dan 7:11-14
- 29 Anders, wat sal dit hulle baat wat hulle laat doop met die dood tot doel, as die dooies nie weer sal lewe nie? Waarom laat hulle hul nog tot die dood, doop? Rom 6:3
- 30 Waarom leef ons ook elke oomblik in gevaar?
- 31 So waar as wat ek roem op julle in dié Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester, sterf ek daaglik, broers.
- 32 As ek in Efesos as mens vir wilde diere gegooi is, watter voordeel was dit vir my? As die dooies nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons! Yes 22:13; 56:12
- 33 Moenie mislei wees nie; bese gesprekke korrup goeie denke.
- 34 Maak julle verstand, wil en emosie wakker in onskuld en moenie sondig nie, want daar is sommige wat nie die kennis van God in hulle het nie. Ek sê dit tot julle skande.
- 35 Iemand van julle sal sê: 'Hoe staan die dooies op en in watter liggaam verskyn hulle?'
- 36 Dwaas! Die saad wat jy saai, kan nie lewendig word as dit nie doodgegaan het nie
- 37 en dit wat jy saai is nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n kaal korrel, van koring of van gars of van 'n ander graan, Yes 53:10; Yog 12:24

- 38 maar God gee dit 'n liggaam net soos Hy wil en aan elkeen van die saad 'n liggaam volgens sy natuur.
- 39 Elke vlees is nie dieselfde as ander vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van 'n bees, wat anders is as dié van voëls, wat anders is as dié van visse
- 40 en daar is 'n hemelse liggaam en 'n aardse liggaam, maar die eer en lof van die hemelse is anders as dié van die aardse.
- 41 Die son se eer en lof is anders as die eer en lof van die maan en anders as die eer en lof van die sterre en die een ster verskil in eer en lof van die ander ster.
- 42 So is ook die lewe vir dié wat sterf: gesaai wat kan vergaan, opgewek wat nie kan vergaan nie; ^{Yog 12:24}
- 43 gesaai in oneer, opgewek in eer en lof; gesaai in swakheid, opgewek in krag;
- 44 gesaai in 'n natuurlike liggaam, opgewek in 'n geestelike liggaam. Daar bestaan 'n natuurlike liggaam en daar bestaan 'n geestelike liggaam.
- 45 So is daar ook geskryf: die eerste mens, Adam, was 'n lewende gees; ^{Gen 2:7} die laaste 'Adam', 'n Lewegewende Gees.
- 46 Die geestelike is nie eerste nie, maar die natuurlike, daarna die geestelike.
- 47 Die eerste mens was stof vanuit die grond, die tweede Mens, Die Meester vanaf die hemel.
- 48 Soos die man van stof was, so is ook dié vanuit stof en soos die hemelse Man is, so is ook dié hemelse
- 49 en net soos ons die beeld van die stoflike een gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse Een dra,
- 50 maar dit sê ek, broers, dat dit nie moontlik is vir vlees en bloed om die Koninkryk van God te beërwe nie; ook beërwe dit wat vergaan nie dit wat nie kan vergaan nie. ^{Yog 3:5; Rom 8:5-9}
- 51 Let op, Ek vertel vir julle 'n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,
- 52 skielik, soos die knip van 'n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,
- 53 want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie
- 54 en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: "Die dood is ingesluk in die oorwinning." ^{Yes 25:8}
- 55 "Dood, waar is jou angel? Sh'ol, waar is jou oorwinning?" ^{Hos 13:14; Open 1:18}
- 56 Die angel van die dood is die sonde en die krag van die sonde is die geskrewe wet,
- 57 maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 58 Van nou af, my broers, vir wie ek lief is, wees standvastig; moenie geskud word nie, maar wees altyd oorvloedig in die werk van יהוה omdat julle weet dat julle werk in יהוה nie tevergeefs is nie.

- 16** ¹ Aangaande die dinge wat vir die afgesonderdes bymekaargemaak is, moet julle ook net so doen soos ek vir die gemeentes van Galatia beveel het.
- ² Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle dit wat hy kan eenkant sit, in sy huis hou sodat wanneer ek kom, daar nie insamelings hoef te wees nie.
- ³ Wanneer ek aangekom het, sal ek die persone wat julle gekies het, met briewe stuur om dit wat julle gegee het na Yerushalayim te bring,
- ⁴ maar as dit toepaslik is dat ek ook gaan, kan hulle saam met my reis.
- ⁵ Ek sal egter na julle toe kom wanneer ek vanaf die stad gekom het, want ek gaan deur Makedonia
- ⁶ en miskien sal ek by julle oorbly of oorwinter sodat julle saam met my kan gaan waarheen ek ook al mag gaan.
- ⁷ Ek verkies om julle nie die keer net in die verbygaan te sien nie, maar ek hoop om 'n tyd lank by julle te bly as my Meester dit toelaat,
- ⁸ maar ek sal in Efesos bly tot die Fees van weke (Shavu'ot),
- ⁹ want 'n groot deur het vir my oopgegaan, vol geleenthede en daar is baie wat my teëstaan.
- ¹⁰ As Timoteos na julle toe kom, kyk dat hy sonder vrees by julle is, want hy versorg die werke van יהוה, net soos ek.
- ¹¹ Laat niemand hom dan minag nie, maar vergesel hom in vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sodat hy na my toe kan kom, want ek, saam met die broers, wag vir hom.
- ¹² Met betrekking tot Apollos, my broers: ek het hom baie keer gevra om saam met die broers na julle toe te gaan en hy het sonder twyfel nie die begeerte gehad om nou te gaan nie, maar hy sal gaan wanneer hy tyd het.
- ¹³ Wees waaksaam, staan in vertroue, wees dapper, wees sterk,
- ¹⁴ doen alles in liefde.
- ¹⁵ Broers, julle weet dat die huisgesin van Stefanas die eersteling vrug van Agaia is en dat hulle hulself tot diens van die afgesonderdes gemaak het; daarom vra ek julle
- ¹⁶ dat julle ook gehoorsaam moet wees aan sulke mense en aan elkeen wat saam met hulle werk en arbei.
- ¹⁷ Ek verbly my omdat Stefanas, Fortounatos en Agaikos hier aangekom het aangesien hulle opgemaak het vir my gemis aan julle,
- ¹⁸ want hulle het my gees verkwik soos ook julle s'n. Erken daarvolgens sulke manne.
- ¹⁹ Al die gemeentes van Asië stuur vrede vir julle. Akulas en Priskilla, saam met die gemeente wat in hulle huis is, stuur groot vrede vir julle in ons Meester.
- ²⁰ Al die broers stuur vrede vir julle. Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen.
- ²¹ Sha'ul se groete, met my eie hand:
- ²² Wie ook al nie ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, lief het nie, laat hom veroordeeld wees! Ons Meester kom! (maran atha)
- ²³ Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is by julle!
- ²⁴ My liefde is by julle almal in dié Gesalfde Een, Yeshua. Dit is waar!

Die vyftiende boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van
Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in Korinthos.

2 Kurintaya

{ 2 Korintheërs }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is waarskynlik die derde brief en is in die jaar 58 geskryf
toe Timoteos saam met hom in Filippi was en is deur Titus
afgelewer.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God; en die broer, Timoteos, aan die gemeente van God wat in Korinthus is en aan al die afgesonderdes wat in die hele Agaia is:
- 2 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 3 Aanbiddingswaardig is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Vader van omgee en die God van alle ondersteuning en vertroosting, Ps 94:19; Yog 14:9-11
- 4 wat ons ondersteun en troos in al ons beproewing sodat ons die wat in enige beproewing is, kan ondersteun en troos deur die ondersteuning en vertroosting waarmee ons self deur God ondersteun en getroos word.
- 5 Net soos die lyding van dié Gesalfde Een oorvloedig in ons is, so is ons ondersteuning en troos ook oorvloedig deur dié Gesalfde Een,
- 6 maar as ons ook ly, is dit ter wille van julle ondersteuning, troos en redding dat ons ly en as ons ook ondersteun en getroos word, is dit vir julle tot ondersteuning, troos en redding deurdat julle dieselfde lyding verduur wat ons ook ondergaan.
- 7 Ons versekerde verwagting vir julle is vas, want ons weet dat, as julle deelgenote is aan die lyding, net so ook aan die ondersteuning en troos.
- 8 Broers, aangaande die beproewing wat in Asië oor ons gekom het, wil ons dat julle weet dat ons grootliks beproef was, ver bo ons kragte sodat ons lewe op die punt was om te vergaan.
- 9 Wat onself betref, het ons die oordeel van die dood ervaar sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God, wat die dooies opwek;
- 10 Hy, wat ons gered het van 'n gewelddadige dood, op Wie ons versekerde verwagting is dat Hy ons ook voortdurend sal red,
- 11 deur die hulp van julle gebede vir ons persoonlik en dat Sy geskenk vir ons tot guns, ter wille van baie, sal wees en baie Hom mag bely, as gevolg van ons,
- 12 want ons roem is dit: die getuienis van ons gewete: dat ons in vrygewigheid, reinheid en die onverdiende guns van God aangewend is, veral teenoor julle en hulle by julle en in die wêreld, nie in vleeslike wysheid nie.
- 13 Ons het aan julle niks anders geskryf as wat julle weet en mee saamstem nie, maar ek vertrou dat julle tot die einde toe sal saamstem.
- 14 Net soos julle ook, met 'n bietjie van baie, saamgestem het dat ons julle roem is, net so is julle ook ons roem in die dag van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 15 In hierdie vertrou wou ek eerste na julle toe kom sodat julle twee keer onverdiende guns kan ontvang
- 16 wanneer ek by julle verby, deurgaan na Makedonia, om weer vanaf Makedonia by julle aan te kom en julle saam met my na Y'udah gaan.
- 17 Het ek dit haastig beplan toe ek dit beplan het? Of wat ek beplan, beplan ek na die vlees sodat daarin 'n ja-ja en nee-nee, (onsekerheid) is?
- 18 God is die getuie dat ons boodskap vir julle nie ja en nee was nie,
- 19 want die Seun van God, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat deur ons aan julle verkondig is, deur my, Silvanus en Timoteos, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom,

- 20 want al die beloftes van God is ja in Hom, dié Gesalfde Een. As gevolg hiervan, deur Hom, gee ons die “dit is waar,” tot eer, lof en aanbidding van God,
- 21 maar ons bevestig God by julle, in eenheid met dié Gesalfde Een, wat ons gesalf het,
- 22 wat ook Sy seël op ons gesit het en die Gees as deposito in ons verstand, wil en emosie gegee het.
- 23 Ek getuig uit my gees teenoor God dat ek, om julle te spaar, nog nie na Korinthos gekom het nie;
- 24 nie omdat ons meesters oor julle vertrou is nie, maar ons is helpers aan julle blydschap, want dit is deur vertrou dat julle staan.
- 2** 1 Dit het ek by myself besluit, om nie weer in droefheid na julle toe te kom nie,
- 2 want as ek julle bedroef maak, wie is daar om my bly te maak, anders as hy wat deur my bedroef gemaak is?
- 3 Ek het dit so aan julle geskrywe sodat ek nie by my koms droefheid mag ondervind deur hulle oor wie ek my moes verbly nie omdat ek julle almal vertrou en dat my blydschap van julle almal af is.
- 4 Vanuit groot lyding en ’n verstand, wil en emosie vol droefheid skryf ek hierdie dinge aan julle deur baie tranes, nie dat julle bedroef moet word nie, maar dat julle mag weet van die oorvloedige liefde wat ek vir julle het,
- 5 maar as iemand droefheid veroorsaak het, dan is dit nie vir my wat hy bedroef het nie, maar, sonder om te vergroot, vir julle almal.
- 6 Vir so iemand is dit genoeg om deur baie aangespreek te word
- 7 en nou, in teenstelling, is dit nodig om hom te vergewe en op te hef sodat so iemand nie miskien deur ’n oormaat droefheid verslind word nie.
- 8 As gevolg hiervan versoek ek julle om julle liefde aan hom te bevestig,
- 9 want daarom het ek ook geskryf om julle te toets, of julle in alles gehoorsaam is.
- 10 Die een wat deur julle iets vergewe word, vergeef ek ook, want enige iets waarvoor ek hom vergewe het, het ek vergewe om julle ontwil in die Teenwoordigheid van dié Gesalfde Een
- 11 sodat ons nie deur die teëstander oorval sou word nie, want ons ken sy metodes.
- 12 Toe ek in Troas gekom het met die goeie boodskap van dié Gesalfde Een en ’n deur vir my, deur יהוה, oopgemaak is,
- 13 het ek geen rus vir my gees gehad nie omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie, maar ek het van hulle afskeid geneem en na Makedonia vertrek.
- 14 Dank aan God wat ons, altyd in eenheid met dié Gesalfde Een, ’n skouspel maak en deur ons, die aangename reuk van Sy kennis op elke plek bekend maak,
- 15 want ons is die aangename soet geur in dié Gesalfde Een tot God onder die wat lewe het en onder die wat besig is om verlore te gaan;
- 16 vir die laaste die stank van dood tot die dood en vir die eerste ’n aangename reuk van die lewe tot die lewe en wie sal hierdie dinge waardig wees?
- 17 Ons het nie soos ander die boodskap van God verdraai nie, maar dit in waarheid volgens dit wat vanaf God is, in die Teenwoordigheid van God, in eenheid met dié Gesalfde Een, verkondig.

- 3 1 Begin ons weer opnuut om aan julle te wys wie ons is? Asof ons, soos sommige, aanbevelingsbriewe aan julle aangaande ons nodig het of dat julle aanbevelingsbriewe aangaande ons moet skryf?
- 2 Julle is ons brief, geskryf in ons verstand, wil en emosie, geken en gelees deur almal,
- 3 want julle weet dat julle dié Gesalfde Een se brief is deur ons dienswerk, geskryf nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die verstand, wil en emosie.
- 4 Só 'n vertrouwe het ons, deur dié Gesalfde Een, in God.
- 5 Nie dat ons uit onself genoeg is om enige iets van onself te dink nie, maar ons krag is uit God, ^{Neg 8:10; 2 Kor 13:4}
- 6 wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe.
- 7 As die bediening van die dood, die geskrewe woord wat op klippe gegraveer is, in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gekom het sodat die seuns van Yisra'el nie kon kyk na die gesig van Mosheh nie as gevolg van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid op sy gesig, wat verbygaan,
- 8 hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees nie?
- 9 As die bediening wat veroordeel, in eer, lof en grootheid was, hoeveel meer is die bediening wat onpartydig opreg maak, oorvloedig in eer, lof en grootheid,
- 10 want dit wat eer, lof en grootheid gehad het, was asof dit geen eer, lof en grootheid het in vergelyking met die oortreffende eer, lof en grootheid nie,
- 11 want as daar eer, lof en grootheid was in wat moes vergaan, is daar baie meer eer, lof en grootheid in wat bly.
- 12 Omdat ons hierdie versekerde verwagting het, tree ons daarom al hoe meer met vrymoedigheid op,
- 13 nie soos Mosheh nie, wat 'n bedekking oor sy gesig gesit het sodat die mense van Yisra'el nie sou aanhou kyk nie, want dit het geen doel gehad nie,
- 14 maar hulle is verblind in hulle begrip, want tot op hierdie dag toe bly dieselfde bedekking oor hulle by die lees van die Tanakh en word dit nie openbaar dat die bedekking deur Die Gesalfde Een vernietig is nie. ^{Ps 28:5}
- 15 Tot vandag toe, wanneer Mosheh gelees word, word die bedekking oor hulle verstand, wil en emosie gelê
- 16 en wanneer enige iemand van hulle na יהוה toe draai, word die bedekking van hom af weggeneem. ^{Mat 13:11; 1 Kor 2:10}
- 17 יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid.
- 18 Meer nog, almal van ons, met onbedekte gesig, sien die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה soos in 'n spieël en word voortdurend verander na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur יהוה, die Gees. ^{Gen 1:26,27}

- 4 1 As gevolg hiervan maak dit ons nie moeg in hierdie bediening wat ons het nie omdat liefdevolle omgee in ons is.
- 2 Ons verwerp die geheime skandes en ons leef nie in misleiding of verwerping van die boodskap van God nie, maar deur die openbaring van die waarheid, wys ons, voor God, ons gees aan elke mens se gedagtes,
- 3 maar as ons goeie boodskap nog bedek is, is dit bedek vir die wat besig is om verlore te gaan,
- 4 hulle, vir wie die god van hierdie wêreld die intellek verblind het omdat hulle nie vertrou nie sodat die lig van die goeie boodskap van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van dié Gesalfde Een, wat die Beeld van God is, nie op hulle sou skyn nie, ^{2 The 2:10,11}
- 5 want ons verkondig nie onself nie, maar dié Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester, maar onself as julle slawe, ter wille van Yeshua
- 6 omdat God, Hy wat gesê het dat daar uit donkerte lig moet skyn, ^{Gen 1:3} dit in ons verstand, wil en emosie laat deurskyn het sodat ons opgehelder sal word met die kennis van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God in die teenwoordigheid van Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 7 maar ons het hierdie skat in kleihouers sodat die grootheid van die krag vanaf God mag wees en nie uit ons nie.
- 8 In alles word ons platgedruk, maar ons is nie verwurg nie; ons is geslaan, maar nie skuldig nie;
- 9 ons is vervol, maar nie in die steek gelaat nie; ons is neergegooi, maar nie verslaan nie.
- 10 Elke keer dra ons die sterwe van ons Meester, Yeshua, in ons liggame sodat ook die lewe van dié Gesalfde Een in ons liggame gewys kan word,
- 11 want as ons wat lewe, aan die dood oorgelewer word om Yeshua se ontwil, sal ook, net so, die lewe van Yeshua in hierdie sterflike liggame openbaar word.
- 12 So is die dood aktief in ons, maar die lewe in julle;
- 13 daarom, ook in ons wat dieselfde Gees van vertrouwe het, soos geskrywe is: “Ek het vertrou en daarom het ek ook gepraat,” ^{Ps 116:10} vertrou ons en praat ons ook,
- 14 want ons weet dat Hy wat ons Meester Yeshua opgewek het, ons ook deur Yeshua sal opwek en ons saam met julle na Hom toe sal bring,
- 15 want dit is alles om julle ontwil en wanneer die onverdiende guns meer word, sal die dankbaarheid baie meer word tot die eer, lof en aanbidding van God.
- 16 As gevolg hiervan maak dit ons nie moeg nie, selfs as ons uiterlike liggaam vernietig word; daarenteen word die innerlike dag ná dag nuut gemaak,
- 17 want terwyl die huidige lyding lig en van korte duur is, berei dit vir ons ’n groot en grenslose eer en lof vir ’n tydlose ewigheid voor.
- 18 Ons verheug ons nie in die sigbare dinge nie, maar in die onsigbare, want die sigbare dinge is vir ’n tyd, maar die onsigbare is ewig.

- 5 1 Ons weet dat, as ons aardse huis, die liggaam, vernietig sal word, ons 'n gebou het wat vanaf God is; 'n huis nie met hande gemaak nie, maar in die hemel, vir ewig,
2 want ook hieroor word ons gemaak om te kreun en verlang ons om ons huis wat vanuit die hemel is, aan te trek
3 sodat wanneer ons aangetrek is, ons nie kaal bevind mag word nie,
4 want terwyl ons nou nog in dié liggaam is, word ons gemaak om te kreun deur sy gewig en ons wil dit nie uittrek nie, maar oor dit aantrek sodat sy sterflikheid deur die lewe verslind kan word,
5 maar Hy wat ons hiervoor voorberei het, is God, wat ook vir ons die deposito van Sy Gees gegee het.
6 Omdat ons weet en oortuig is daarvan dat solank as wat ons in die liggaam bly, ons verwyderd is van ons tuiste, van ons Meester,
7 want ons leef deur vertrou en nie deur wat ons sien nie,
8 vertrou en verlang ons as gevolg hiervan, om uit die liggaam uit te gaan en by ons Meester te wees.
9 Ons is toegewyd daaraan om, of ons afwesig of tuis is, Hom tevrede te stel,
10 want ons gaan almal staan voor die troon van dié Gesalfde Een sodat elkeen betaling kan ontvang volgens alles wat hy in die liggaam gedoen het; of dit goed is of boos.
11 Omdat ons daarom die vrees en respek van ons Meester ken, oortuig ons mense. Voor God is ons openbaar en ek hoop om ook tot julle begrip openbaar te wees,
12 want ons prys onself nie weer aan by julle nie, maar ons gee vir julle 'n geleentheid om te roem oor ons, in die teenwoordigheid van hulle wat hulle op die uiterlike beroem en nie op die verstand, wil en emosie nie,
13 want as ons kranksinnig is, is dit vir God en as ons normaal is, is dit vir julle,
14 want die liefde van dié Gesalfde Een dring by ons aan om so te redeneer: dat as Een in die plek van elke persoon gesterf het, dan het elke persoon saam met Hom gesterf.
15 Hy het in die plek van elke persoon gesterf sodat die wat lewe, nie vir hulleself sal lewe nie, maar vir Hom wat vir elkeen gesterf en opgestaan het. ^{Yog 10:17,18}
16 Van nou af ken ons niemand meer na die uiterlike nie. Selfs al het ons ook dié Gesalfde Een na die uiterlike geken, ken ons Hom nou nie meer so nie.
17 Wie ookal wat daarom in eenheid met dié Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die oue het daarmee verbygegaan ^{1 Kef 3:21; Rom 6:3-8; Efe 2:10}
18 en alles het nuut geword vanaf God; Hy wat ons verhouding met Homself herstel het deur Yeshua, dié Gesalfde Een en vir ons die bediening gegee het om dié verhouding te herstel,
19 want God, in eenheid met dié Gesalfde Een, het die verhouding van die wêreld met Sy majesteit herstel en nie hulle sondes vir hulle bereken nie en ons eie boodskap van die herstel van die verhouding in ons gesit;
20 daarom is ons ambassadeurs namens dié Gesalfde Een, asof God julle uitnooi deur ons; daarom vra ons julle, namens dié Gesalfde Een: laat julle verhouding met God herstel,
21 want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word.

- 6 1 As helpers smeeek ons julle dat die onverdiende guns van God, wat julle ontvang het, nie waardeloos in julle word nie,
 2 want Hy sê: “In die aanvaarbare tyd het Ek jou geantwoord en in die dag van redding het Ek jou gehelp.” ^{Yes 49:8} Let op, nou is dit die aanvaarbare tyd en nou is dit die dag van redding.
 3 Moenie enige iemand ’n rede gee tot struikeling nie, sodat dit ’n klad sou wees op ons bediening,
 4 maar in alles wys ons onself as dienaars van God, met baie verwagterende uithou, in vervolginge, in benoudheid, in gevangenskap,
 5 in houe, in kettings, in oproere, in harde werk, in waaksaamheid, in vas,
 6 in reinheid, in kennis, in geduld, in sagte goedheid, in die Gees wat Afgesonderd is, in liefde sonder misleiding,
 7 in die boodskap van die waarheid, in die wonderwerkende krag van God, deur die wapens van onpartydige opregtheid in die regter- en linkerhand;
 8 deur eer en oneer, deur lofprysing en berisping; asof misleiers en tog waar;
 9 asof onbekendes en tog bekend; asof een wat doodgaan en let op, ons lewe; asof ons gestraf word en tog nie sterwend nie;
 10 asof bedroef is, maar ons verheug ons altyd; asof arm, maar wat baie ander ryk maak; asof mense wat niks het nie en tog alles besit.
 11 Ons het ons mond teenoor julle oopgemaak, Korinthiërs en ons denke, wil en emosie groter oopgemaak.
 12 Ons beperk julle nie, maar die terughouding is in julle sagte omgee.
 13 Ek praat egter soos met seuns: betaal my beloning wat by julle is en vergroot julle liefde vir my.
 14 Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis?
 15 Of watter ooreenstemming het dié Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige?
 16 Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: ^{Yeg 37:27; Open 21:3} “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ’n volk wees.” ^{Yir 31:33}
 17 “As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, moenie naby die dinge wat onrein is, kom nie ^{Lev 11:47; Yes 52:11; 1 Yog 3:3} en Ek sal julle ontvang ^{Yeg 20:34,41}
 18 en Ek sal vir julle ’n Vader wees en julle sal vir My seuns en ^{Ps 103:13; Luk 3:22; Rom 8:29; 1 Kor 15:45} dogters wees,” sê יהוה, wat alles vashou. ^{2 Sh'm 7:14; Yes 43:6}

- 7 1 Julle vir ons lief is omdat daar vir ons hierdie beloftes is, laat ons onself daarom reinig van alle vuilheid van die vlees en die gees en laat ons groei in afgesonderdheid uit respekvolle vrees vir God.
 2 Wees geduldig met ons, broers. Ons het aan niemand boos gedoen nie; ons het niemand korrup gemaak nie; ons het niemand ingedoen nie.
 3 Ek sê dit nie om te veroordeel nie, want ek het vroeër gesê dat julle in ons gedagtes, wil en emosie is om as een te sterf en te leef.

- 4 Ek het groot vrymoedigheid teenoor julle. My roem oor julle is groot. Ek is ten volle vertrous en versterk en ek loop oor van blydschap te midde van al my lyding.
- 5 Vandat ons ook na Makedonia gekom het, was daar geen rus vir ons vlees nie, maar is ons in alles gemartel; van buite 'n stryd, van binne vrees,
- 6 maar God wat die vernederde versterk en vertrous, het ons versterk en vertrous deur die koms van Titus
- 7 en nie alleen deur sy koms nie, maar ook deur die lafenis waarmee hy deur julle ondersteun is, want hy het aan ons vertel van julle liefde vir ons, julle treur oor en julle ywer namens ons. Toe ek dit hoor, was my blydschap groot.
- 8 Alhoewel ek julle deur 'n brief treurig gemaak het, is ek nie jammer nie, al was ek ook vroeër jammer, want ek het gesien dat daardie brief, al was dit vir 'n kort tydjie, julle treurig gemaak het.
- 9 Nou is ek bly, nie omdat julle treurig gemaak is nie, maar omdat julle treurig gemaak is tot die punt van terugdraai na God toe, want julle was treurig soos God dit wou sodat julle deur ons geen skade gely het nie,
- 10 want treurigheid wat van God is, bring jammerwees van die gees en werk 'n onberoubare terugdraai na lewe, maar die jammer van die wêreld, werk die dood,
- 11 want let op, hierdie ding het gebeur dat julle treurig gemaak is deur God, hoeveel te meer het ek gretigheid, verskoning, woede, vrees, liefde, ywer en vergelding in julle veroorsaak. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is;
- 12 daarom het ek ook hierdie aan julle geskryf, nie ter wille van wat verkeerd is, of ter wille van hom wat verkeerd gedoen het nie, maar dat julle toewyding aan ons geken kan word in die Teenwoordigheid van God.
- 13 As gevolg hiervan is ons versterk en vertrous en vanuit ons vertroosting verbly ons ons al hoe meer in die vreugde van Titus, wie se gees deur julle almal verkwik is,
- 14 want as ek oor julle by hom oor iets geroem het, is ek nie skaam gemaak nie, maar soos ons alles in waarheid vir julle gesê het, so is ook ons roem by Titus in waarheid gevind
- 15 en sy innerlike omgee vermeerder as hy julle almal se gehoorsaamheid onthou, hoe julle hom met respekvolle vrees ontvang het.
- 16 Ek verbly my dat ek in alles in julle kan vertrou.

- 8** 1 Ons maak aan julle bekend, broers, die onverdiende guns van God wat aan die gemeentes van Makedonia gegee is:
- 2 onder baie toetse van stryd was hulle oorvloedig in blydschap en die diepte van hulle armoede is oorvloedig gemaak in die rykdom van hulle vrygewigheid,
- 3 want hulle was na vermoë, ek getuig dit, bo vermoë, uit hulleself gewillig.
- 4 Hulle het ons met groot erns gesmeek dat ons hulle geskenk en hulle deel in die bediening aan die afgesonderdes, moet ontvang
- 5 en het nie slegs gedoen soos ons verwag het nie, maar het hulleself eers aan ons Meester geoffer en aan ons deur die wil van God,
- 6 waardeur ons Titus versoek het dat hy, net soos hy reeds begin het, net so ook by julle hierdie geskenk moet voltooi.
- 7 Soos julle egter in alles oorvloedig is: in vertrou, in die boodskap, in kennis, in alle erns en in julle liefde vir ons; laat julle ook in hierdie geskenk oorvloedig wees.

- 8 Ek sê dit nie as 'n bevel nie, maar om deur die erns van ander ook die egtheid van julle liefde te toets,
- 9 want julle ken die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het sodat julle deur Sy armoede ryk kan word.
- 10 Hierin gee ek slegs my raad, want dit is beter vir julle omdat julle alreeds 'n jaar gelede begin het, nie alleen om te wil nie, maar ook om te doen.
- 11 Voltooi egter nou die daad sodat, net soos die bereidheid om te wil daar was, julle so ook deur die daad kan voltooi uit wat julle besit,
- 12 want as die gewilligheid daar is, is dit aanvaarbaar volgens wat iemand het, nie volgens wat hy nie het nie,
- 13 want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle stryd nie,
- 14 maar dat volgens gelykheid julle oorfloed hulle tekort kan aanvul in hierdie tyd sodat ook hulle oorfloed julle tekort kan aanvul en daar gelykheid is.
- 15 Soos geskrywe is: "Hy wat oorfloed gehad het, het nie te veel gehad nie en hy wat min gehad het, het nie tekort gehad nie," ^{Eks 16:18}
- 16 maar dank aan God, wat dieselfde omgee vir julle in die gedagtes, wil en emosie van Titus gegee het,
- 17 want hy het ons versoek aanvaar en omdat hy baie ernstig was, het hy uit eie keuse na julle toe vertrek.
- 18 Ons het ook die broer saam met hom gestuur, wat deur al die gemeentes aangeprys word in die goeie boodskap.
- 19 Hy is ook so, deur die gemeentes, gekies om saam met ons te reis in hierdie onverdiende guns van dienswerk, wat deur ons gedoen word, tot die eer, lof en aanbidding van God en vir ons ondersteuning en versterking,
- 20 om te verhoed dat iemand ons sou beskuldig in verband met hierdie oorvloedigheid, wat deur ons bedien word,
- 21 want ons neem in ag wat reg is, nie alleen in die Teenwoordigheid van God nie, maar ook voor die mense. ^{Spr 3:4}
- 22 Ons het ook ons broer, wie se erns baie keer en in baie dinge getoets is, maar nou nog ernstiger is deur sy groot vertroue in julle, saam met hulle gestuur;
- 23 asook Titus, wat my deelgenoot en medewerker vir julle is; asook ons broers, hulle is afgevaardigdes van die gemeentes, tot eer, lof en grootheid van dié Gesalfde Een.
- 24 Bewys daarvolgens aan hulle julle liefde en dit waaroor ons roem oor julle, ook voor die gemeentes.
- 9 1 Aangaande die dienswerk teenoor die afgesonderdes is dit eintlik oorbodig vir my om aan julle te skryf,
- 2 want ek weet dat julle denke gereed is, waaroor ek oor julle by die mense van Makedonia roem en dat Agaia 'n jaar gelede gereed gemaak het en dat die ywer wat van julle uitgegaan het, baie ander opgewek het,
- 3 maar ek het die broers gestuur sodat ons roem oor julle in hierdie geval nie leeg mag wees nie sodat julle gereed sal wees, soos ek gesê het

- 4 sodat wanneer die manne van Makedonia saam met my kom en julle miskien nie voorbereid is nie, ons, om nie te sê julle, nie beskaam word in hierdie vertroue waarin ons roem nie.
- 5 As gevolg hiervan het ek dit dus nodig geag om die broers te vra om vooruit te gaan na julle toe en julle vroeër aangekondigde seëning vooraf reg te kry sodat dit gereed kan wees as 'n seëning en nie as iets wat afgepers is nie.
- 6 Meer nog, dit: wie spaarsamig saai, sal ook spaarsamig oes en wie volop saai, sal ook volop oes.
- 7 Elkeen gee soos hy besluit het in sy verstand, wil en emosie, nie treurig of uit verpligting nie, want God het 'n vreugdevolle gewer lief. ^{Spr 22:9}
- 8 God is in staat om alle onverdiende guns in julle te vermeerder sodat julle altyd in alles genoeg kan hê en julle oorvloedig kan wees in elke goeie werk.
- 9 Soos geskrywe is: "Hy het uitgedeel en aan die armes gegee, Sy onpartydige opregtheid bly tot in ewigheid." ^{Ps 112:9}
- 10 Meer nog, Hy wat saad gee aan die saaiers, gee brood om te eet en Hy sal vir julle saad gee en dit vermeerder en die vrug van julle onpartydige opregtheid vermeerder
- 11 sodat julle in alles verryk kan word met die volle regte van 'n erfgenaam, wat deur ons dankbaarheid tot God volmaak gemaak word
- 12 omdat die bediening van hierdie dienswerk nie alleen voorsien in die behoeftes van die afgesonderdes nie, maar ook oorvloei tot baie dankbaarheid tot God.
- 13 Deur die ervaring van hierdie diens eer, loof en aanbid hulle God dat julle jul onderwerp het aan die erkenning van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een en dat julle deelgenote geword het in julle vrygewigheid met hulle en met almal
- 14 en hulle bring 'n gebed vir julle, met groter liefde vanweë die oorvloedige onverdiende guns van God wat op julle is.
- 15 Dank God daarom vir Sy onbeskryflike geskenk.

- 10** 1 Ek, Sha'ul, versoek julle, deur die rustige kalmte en sagtheid van Die Gesalfde Een, ek wat tussen julle sag is teenoor julle, maar in my afwesigheid vrymoedig is teenoor julle,
- 2 ek smek dan, dat as ek teenwoordig is, ek my nie op reguit openlikheid hoef te beroep, soos wat ek beplan om reguit te wees teen sommige wat reken dat ons volgens die vleeslike lewe nie,
- 3 want hoewel ons in die uiterlike liggaam lewe, maak ons nie oorlog volgens die vleeslike nie,
- 4 want die wapens van ons oorlog is nie van die vlees nie, maar vanuit die krag van God en daarmee onderwerp ons rebelse vestings,
- 5 ons breek argumente en elke hoë skeiding wat teen die kennis van God opgerig word, af en neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan dié Gesalfde Een.
- 6 Ons is voorbereid om die straf uit te oefen op almal wat nie gehoorsaam nie, wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.
- 7 Julle kyk na die oppervlakkige. As iemand by homself vertrou dat hy aan dié Gesalfde Een behoort, laat hy in sy verstand en wil weet dat, net soos hy aan dié Gesalfde Een behoort, ons ook net so,

- 8 want al sou ek ook nog meer roem oor outoriteit wat ons Meester my gegee het, sal ek my nie skaam nie, want dit is vir ons gegee om julle op te bou en nie te vernietig nie.
- 9 Ek vermy dit egter, anders sou dit lyk asof ek julle deur my briewe wil bang maak,
- 10 want daar is mense wat sê: “Die briewe is gewigtig en kragtig, maar die koms in die vlees is kragteloos en die boodskap verwerplik.”
- 11 Laat hom wat so praat daaraan dink dat ons dieselfde wat ons deur die briewe in ons afwesigheid sê, ook in daade doen as ons aanwesig is,
- 12 want ons waag nie om onself te tel by, of te vergelyk met, sommige van die wat hulleself aanbeveel nie, maar die wat hulle met hulself vergelyk, is nie wys nie;
- 13 daarom sal ons nie oormatig roem nie, maar volgens die maat van die standaard wat God vir ons gegee het wat tot by julle kom,
- 14 want dit is nie asof ons nie by julle uitgekome het nie, want ons het onself uitgestrek om by julle aan te kom met die goeie boodskap van dié Gesalfde Een.
- 15 Ons roem nie buite ons mate in die werk van ander nie, maar ons het ’n aktiewe verwagting dat, wanneer julle vertrou toeneem, ons tussen julle verhoog sal word en ons verder sal gaan
- 16 om ook die goeie boodskap te verkondig in plekke verder as julle, nie om in die mate van ander nie, maar in wat ons gewen het, te roem.
- 17 Hy wat roem, moet in יהוה roem, ^{Yir 9:23}
- 18 want hy wat homself aanbeveel, is nie aanvaarbaar nie, maar hy wat deur יהוה aanbeveel word.

- 11** 1 Ek wens julle wil my net ’n kort rukkie verdra terwyl ek in dwaasheid praat! Verdra my tog maar,
- 2 want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met een Man; om julle as ’n rein maagd aan dié Gesalfde Een voor te stel,
- 3 maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah ^{Gen 3:1-7} deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by dié Gesalfde Een is,
- 4 want as iemand kom en ’n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ’n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ’n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word,
- 5 want ek dink nie ek het in enige iets tekort gekom teenoor dié ‘afgevaardigdes’ wat vooruitgaan nie,
- 6 want selfs al is ek ook eenvoudig in my spraak, nie in my kennis nie, is dit in alles aan julle openbaar.
- 7 Of het ek teen julle verkeerd gedoen deur my te verneder sodat julle verhoog kan word en ek die goeie boodskap van God gratis ^{Yes 55:1; Mat 10:8; Open 21:6; 22:17} aan julle verkondig het?
- 8 Ek het ander gemeentes beroof, deur vergoeding te kry, om julle te bedien
- 9 en toe ek by julle was en gebrek gehad het, het ek niemand lastig geval nie, want die broers wat van Makedonia af gekom het, het in my gebrek voorsien en ek het my in alles weerhou om nie vir julle ’n las te wees nie en sal my ook weerhou.

- 10 Die waarheid van dié Gesalfde Een is in my sodat hierdie roem in die streke van Agaia nie van my weggevat sal word nie.
- 11 Om watter rede? Omdat ek julle nie lief het nie? God self weet!
- 12 Wat ek doen, sal ek voortgaan om te doen; om die geleentheid af te sny van die wat 'n geleentheid soek om te roem sodat hulle dieselfde as ons gesien mag word,
- 13 want sulke mense is valse afgevaardigdes, misleidende werkers, wat hulleself voordoen as afgevaardigdes van dié Gesalfde Een
- 14 en geen wonder nie, as hy, wat die teëstander is, homself voordoen as 'n boodskapper van lig!
- 15 Dit is daarom niks groots wanneer sy diensknegte hulle ook voordoen as diensknegte van onpartydige opregtheid nie, maar hulle einde sal wees volgens hulle dade.
- 16 Ek sê weer dat niemand moet dink dat ek dwaas is nie; of anders, ontvang my as 'n dwaas sodat ek ook 'n bietjie kan roem.
- 17 Alles wat ek sê, sê ek nie vanuit ons Meester nie, maar in dwaasheid op hierdie geleentheid van roem.
- 18 Aangesien baie na die uiterlike roem, sal ek ook roem,
- 19 want julle luister graag na die dwase omdat julle so wys is!
- 20 Julle verdra dit as iemand slawe van julle maak, as iemand julle verteer, as iemand by julle afvat, as iemand hom opblaas oor julle, as iemand julle in die gesig slaan.
- 21 Tot my oneer moet ek erken dat ons daarvoor te swak was, maar as iemand dit waag, ek praat in dwaasheid, waag ek dit ook.
- 22 Is hulle Hebreërs? Ek is ook. Is hulle Yisra'eliete? Ek is ook. Is hulle die saad van Avraham? Ek is ook.
- 23 Is hulle diensknegte van dié Gesalfde Een? Ek praat soos 'n dwaas, ek nog meer, deur oorfloediger werk, in ontelbare slaanwonde, in baie meer tronke, gereeld by die dood.
- 24 Vyf maal het ek veertig houe op een na van die Jode gekry.
- 25 Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek sonder 'n skip op die diepsee deurgebring,
- 26 gereeld op reis in gevaar van riviere, in gevaar van rowers, in gevaar van my eie mense, in gevaar van die ander nasies, in gevaar in die stad, in gevaar in die wildernis, in gevaar op see, in gevaar onder vals broers,
- 27 in harde werk en in uitputting, gereeld in slapeloosheid, in honger en dors, dikwels sonder kos, in koue en naaktheid,
- 28 behalwe dit alles en die skares wat om my is, my daaglikse bekommernisse en die omgee vir al die gemeentes.
- 29 Wie ly en ek ly nie ook nie? Vir wie word 'n struikelblok in die pad gesit en ek is nie aan die brand (woedend) nie?
- 30 As daar geroem moet word, sal ek in my swakheid roem.
- 31 Hy weet, die God en Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, geseënd tot in tydlose ewigheid, dat ek nie lieg nie.
- 32 In Dammesek het die hoof van die weermag van koning Aretas, die stad bewaak om my te vang

33 en ek is in 'n mandjie, deur 'n venster in die muur, neergelaat en het ontsnap uit hulle hande.

- 12** 1 Om te roem is nodig, maar nie voordelig nie, want ek sal kom by visioene en openbarings van ons Meester.
- 2 Ek het 'n man geken, in eenheid met dié Gesalfde Een, wat veertien jaar gelede weggeruk is tot in die derde hemel; of dit in die liggaam was, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit.
- 3 Ek het so 'n man geken; of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit;
- 4 wat weggeruk is na Gan-'Eden (Paradys) en onuitspreekbare woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uiter nie.
- 5 Oor so 'n man sal ek roem, maar oor myself sal ek nie roem nie, behalwe net in lyding,
- 6 want as ek wou roem, sou ek nie 'n dwaas wees nie, want ek sou die waarheid praat, maar ek doen dit nie sodat niemand my hoër mag reken as wat hy van my sien of wat hy van my af hoor nie.
- 7 'n Doring is vir my in die vlees gegee sodat ek nie grootkop sou kry oor die uitermatige grootheid van die openbaringe nie, 'n boodskapper van die teëstander, om my met die vuis te slaan sodat ek nie grootkop sou kry nie.
- 8 Hieroor het ek drie maal van my Meester gevra om dit van my weg te vat
- 9 en Hy het vir my gesê: "My onverdiende guns is vir jou genoeg, want my wonderwerkende krag word in swakheid volmaak gemaak." Ek sal daarom met blydschap in my swakhede roem sodat die krag van dié Gesalfde Een op my kan rus.
- 10 As gevolg hiervan verbly ek my in lyding, in beledigings, in beproewings, in vervolginge en in gevangenskap om die persoon van dié Gesalfde Een se onthalwe, want as ek swak is, dan is ek sterk. ^{Iyov 37:7}
- 11 Let op; al roemend het ek dwaas geword. Julle het my daartoe gedwing, want ek moes deur julle aanbeveel word omdat ek in niks terugstaan by die 'groot afgevaardigdes' nie, al is ek niks nie.
- 12 Die tekens van 'n afgevaardigde het ek onder julle gedoen met alle geduld en deur helledade, wonderwerke en wonderwerkende krag,
- 13 want wat is daar waarin julle oortref word deur die ander gemeentes, behalwe dat ek persoonlik nie vir julle 'n las was nie? Vergewe my hierdie verkeerdheid!
- 14 Let op, ek is gereed om die derde keer na julle toe te kom en ek sal nie vir julle 'n las wees nie, want ek soek nie julle besittings nie, maar julle self, want dit is nie die seuns wat vir die ouers moet opgaan nie, maar die ouers vir die seuns
- 15 en ek sal met vreugde kostes dra, ja, myself weggee ter wille van julle gees, selfs al het julle my al minder lief, soos ek julle meer lief het.
- 16 Miskien was ek nie 'n las vir julle nie, maar omdat ek vernuftig was, het ek julle met vernuf gevang.
- 17 Het ek my nie dalk vanuit julle bevoordeel deur een van die wat ek na julle gestuur het nie?

- 18 Ek het Titus gevra en die broer saamgestuur. Het Titus hom dan vanuit julle beoordeel? Het ons nie in dieselfde Gees, in dieselfde pad geloop nie?
- 19 Dink julle weer dat ons onself by julle verdedig? Ons praat in die teenwoordigheid van God, in eenheid met dié Gesalfde Een en dit alles, tot julle vir wie ons lief is, se opbouing,
- 20 want ek vrees dat ek julle by my koms miskien nie sal kry soos ek wens nie en dat ek deur julle gevind sal word soos julle nie wens nie: dat daar stryery, jaloesie, woede, verdeeldheid, kwaadpraterij, skinder, ontevredenheid, verwaandheid en onstabieleit sal wees;
- 21 dat my God my nie by julle sal verneder en ek sal treur oor baie van die wat vroeër gesondig het en nie erken, berou en weggedraai het van die onreinheid, seksuele oortredings en ongebondenheid wat hulle gedoen het, nie.
- 13** 1 Hierdie is die derde keer dat ek gereed is om na julle toe te kom. In die mond van twee of drie getuies sal alles vasstaan wat gesê word. ^{Deut 19:15}
- 2 Ek het dit vroeër gesê en ek sê dit voor die tyd, soos ek dit twee maal gesê het toe ek daar teenwoordig was en ek skryf dit nou in my afwesigheid aan die wat vroeër gesondig het en aan al die ander, dat as ek weer kom, ek nie sal spaar nie
- 3 aangesien julle 'n bewys soek dat dié Gesalfde Een in my praat. Hy is nie swak teenoor julle nie, maar magtig onder julle,
- 4 want al is Hy gekruisig in swakheid, leef Hy deur die krag van God, want ons is ook swak in eenheid met Hom, maar ons leef saam met Hom, vir julle, deur die wonderwerkende krag van God. ^{Neg 8:10; 2 Kor 3:5}
- 5 Ondersoek julleself of julle in vertroue staan. Toets julleself. Of is julle nie bewus dat Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle is nie? Indien nie, is julle verwerp!
- 6 Ek verwag egter dat julle sal sien dat ons nie verwerplik is nie.
- 7 Ek bid tot God dat daar geen boosheid in julle mag wees, soos die bewyse mag lyk nie, maar dat julle kan doen wat goed is, maar dat ons soos verwerplikes kan wees,
- 8 want ons kan niks teen die waarheid doen nie, maar ter wille van die waarheid,
- 9 want ons is bly as ons swak is en julle sterk en hieroor bid ons ook sodat julle volmaak sal word.
- 10 As gevolg hiervan skryf ek hierdie dinge in my afwesigheid sodat ek nie, as ek teenwoordig is, ernstig hoef op te tree, volgens die outoriteit wat my Meester my gegee het, om julle op te bou en nie af te breek nie.
- 11 Van nou af, broers, wees bly, word volmaak gemaak, word opgebou, wees een van denke, leef in vrede en die God van liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal by julle wees.
- 12 Stuur vrede vir mekaar met 'n afgesonderde soen.
- 13 Al die afgesonderdes stuur vrede vir julle.
- 14 Die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is bly by julle almal! Dit is waar!

Die sestiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan die gemeentes in die Galatia-streek in
Asië.

Galataya

{ Galasiërs }

(Geskryf aan gemeentes, wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is in 57 of 58 vanaf Korinthos geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde - nie vanaf mense of deur 'n mens aangestel nie, maar deur Yeshua, dié Gesalfde Een en deur God, Sy Vader, wat Hom uit die plek van die dood uit opgewek het -
- 2 en al die broers wat by my is; aan die gemeentes wat in Galatia is:
- 3 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-die-Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 4 Hy wat Homself gegee het ter wille van ons sondes, om ons te bevry uit hierdie bese wêreld, volgens die wil van God, ons Vader,
- 5 aan Wie die eer, lof en aanbidding toekom vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar.
- 6 Ek is stom geslaan hoe vinnig julle van Die Gesalfde Een af weggedraai het, hy wat julle deur Sy onverdiende guns geroep het, na 'n ander 'goeie boodskap,'
- 7 wat nie bestaan nie, maar daar is mense wat julle lastig val en die goeie nuus van Die Gesalfde Een wil verdraai.
- 8 Selfs as ons, of 'n boodskapper uit die hemel, vir julle 'n ander boodskap verkondig as die boodskap wat ons aan julle verkondig het, sal hy vervloek wees!
- 9 Net soos wat ek vroeër gesê het, sê ek nou ook weer: enige iemand wat aan julle 'n boodskap verkondig anders as die wat julle ontvang het, sal vervloek wees!
- 10 Soek ek inderdaad nou die aanvaarding van mense, of van God? Probeer ek om mense tevrede te stel? As ek tot nou toe mense tevredegestel het, dan is ek nie 'n slaaf van dié Gesalfde Een nie,
- 11 maar ek verklaar teenoor julle, my broers, dat die goeie boodskap wat deur my verkondig is, nie vanaf die mens is nie
- 12 en ek het dit ook nie vanaf 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een.
- 13 Julle het gehoor van my vroeëre lewenswyse, wat in Judaïsme was, veral dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit vernietig het
- 14 en dat ek in Judaïsme uitgestyg het ver bo baie volksgenote van my eie ouderdom en baie ywerig was aangaande die leringe van my voorvaders.
- 15 Toe God, wat my afgesonder het van my moeder se baarmoeder af, dit egter goed gedink het, het Hy my deur Sy onverdiende guns geroep,
- 16 om Sy Seun in my te openbaar sodat ek Hom onder die ander nasies sou verkondig, het ek dit nie dadelik aan enige mens openbaar nie
- 17 en ook nie na Yerushalayim opgegaan na dié wat voor my afgevaardigdes was nie, maar na Arabië gegaan en toe weer na Dammešek teruggekom.
- 18 Ná drie jaar het ek na Yerushalayim opgegaan om Kefa te ontmoet en vyftien dae by hom gebly
- 19 en ek het geen ander van die afgevaardigdes gesien nie, behalwe Ya'akov, die broer van ons Meester.
- 20 Hierdie dinge wat ek vir julle skryf: let op, in die Teenwoordigheid van God, ek lieg nie!
- 21 Na hierdie dinge het ek na die streke van Sirië en Kilikia gegaan
- 22 en my gesig was onbekend by die gemeentes van dié Gesalfde Een in Y'udah,

23 maar hulle het slegs dit gehoor: hy wat hulle vroeër vervolg het, let op, verkondig nou die vertrou wat hy vroeër omver probeer werp het

24 en hulle het hul lofprijsing na God gedraai vir my.

2 1 Na veertien jaar, het ek weer na Yerushalayim opgegaan saam met Bar-Nabba en ook vir Titus saamgevat,

2 maar ek het opgegaan om openbaar te maak en aan hulle die goeie boodskap voorgelê wat ek onder die ander nasies verkondig; asook afsonderlik aan die wat in aansien was sodat ek nie miskien tevergeefs geloop het of sal loop nie.

3 Titus, wat by my was en 'n Arameër is, is nie gedwing om besny te word nie, ^{Deu 10:16}

4 ten spyte van valse broers, wat ingesluip het om op ons vryheid te spioeneer wat ons in dié Gesalfde Een, Yeshua, het sodat hulle ons slawe kon maak;

5 teenoor wie ons egter nie vir een uur ('n oomblik) in ondergeskiktheid toegee het nie sodat die waarheid van die goeie boodskap by julle kon voortgaan.

6 Die wat in aansien was, (wat hulle was, maak by my geen verskil nie, want God neem nie die uiterlike persoon van die mens aan nie), het niks vir my bygevoeg nie,

7 maar, intendeel, hulle het gesien dat aan my die goeie boodskap vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Kefa dié vir die besnedenes toevertrou is,

8 want Hy wat Kefa bekragtig het as die afgevaardigde vir die besnedenes, het my ook bekragtig as afgevaardigde vir die ander nasies.

9 Toe hulle die onverdiende guns herken wat aan my gegee is, het Ya'akov, Kefa en Yoganan, wat as pilare beskou is, aan my en Bar-Nabba die regterhand van gemeenskap gegee sodat ons na die ander nasies, maar hulle na die besnedenes, kon gaan.

10 Hulle het ons slegs versoek om die armes te onthou, wat vir my ook belangrik was om te doen,

11 maar toe Kefa in Antiogea gekom het, het ek hom in sy gesig teëgestaan omdat hy vir hulle struikeling veroorsaak het,

12 want voordat sommige van Ya'akov af gekom het, het hy saam met die ander nasies geëet, maar ná hulle koms het hy hom onttrek en hom eenkant gehou omdat hy bang was vir die wat uit die besnydenis groep is

13 en saam met hom het ook ander van die Jode toegee hieraan sodat selfs Bar-Nabba hom laat lei het deur hulle valse toneelspel.

14 Toe ek egter sien dat hulle nie opreg optree volgens die waarheid van die goeie boodskap nie, het ek vir Kefa ten aanskoue van almal gesê: "As jy wat 'n Jood is, soos 'n Arameër leef en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die ander nasies om soos Jode te lewe?"

15 Ons wat van nature Jode en nie sondaars vanuit die ander nasies is nie,

16 weet dat die mens nie onskuldig verklaar word vanuit die doen van die geskrewe wet nie, maar deur die vertrou van Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons het ook in Yeshua, Die Gesalfde Een, vertrou sodat ons onskuldig verklaar kon word vanuit die vertrou van dié Gesalfde Een en nie vanuit die doen van die geskrewe wet nie omdat deur die doen van die geskrewe wet geen mens onskuldig verklaar sal word nie," ^{Ps 143:2}

- 17 maar as ons, wat begeer om in eenheid met dié Gesalfde Een onskuldig verklaar te word, self ook gevind word om sondaars te wees, is dié Gesalfde Een dan 'n bedienaar van die sonde? 'n Verwerplike gedagte!
- 18 Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan wys ek aan myself dat ek om die opdragte gaan (Ar. Id. = die opdragte oortree),
- 19 want ek is deur die wet, dood vir die wet sodat ek vir God kan leef.
- 20 Ek is saam met dié Gesalfde Een gekruisig en van toe af aan is dit nie meer ék wat self leef nie, maar dié Gesalfde Een leef in my. Die lewe wat ek nou in die menslike natuur leef, leef ek in die vertroue van die Seun van God, wat my liefgehad het en Sy lewe vir my gegee het. Rom 6:1-8,13
- 21 Ek verwerp nie die onverdiende guns van God nie, want as daar onpartydige opregtheid deur die geskrewe wet gekom het, dan het dié Gesalfde Een sonder rede gesterf.
- 3** 1 O, gebrekkig denkende Galasiërs, wie het julle uit julle vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een, wat voor julle oë as die gekruisigde uitgebeeld is, betower?
- 2 Ek wil alleen dit van julle weet: het julle die Gees ontvang deur die doen van die geskrewe wet of deur gehoorsaamheid aan die vertroue wat julle gehoor het?
- 3 Is julle so dwaas, dat die waarheid wat julle in die Gees gehad het, by julle in die vlees voltooi word?
- 4 Het julle al hierdie dinge sonder rede verdra? O, dat dit nie sonder rede was nie!
- 5 Hy wat dus aan julle die Gees gee en wonderwerke onder julle doen, doen Hy hierdie dinge deur die doen van die geskrewe wet of vanuit die hoor en doen in vertroue,
- 6 net soos wat Avraham in God vertrou het en dit vir hom tot onpartydige opregtheid bereken is? Gen 15:6
- 7 Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, hulle is seuns van Avraham.
- 8 God het van voor dit af geweet dat die ander nasies deur vertroue onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: "In jou sal al die nasies geseën word." Gen 12:3; Gen 22:18
- 9 So word die wat vertrou, geseën saam met die vertrouende Avraham,
- 10 want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie." Deut 27:26
- 11 Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: "Die onskuldige sal deur vertroue leef," Hav 2:4
- 12 maar die geskrewe wet word nie gedoen vanuit vertroue nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daardeur lewe." Lev 18:5
- 13 dié Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek Deut 27-28 van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang word" Deut 21:22-23
- 14 sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Yeshua, Die Gesalfde Een Gen 12:3 en dat ons die belofte van die Gees deur vertroue mag ontvang.
- 15 Broers, ek praat menslikerwys: dat 'n menslike verbond, as dit bekragtig is, nie deur enige mens verwerp of enige iets daarin verander kan word nie.

- 16 Die belofte is aan Avraham belowe en aan sy Saad as 'n verbond. Hy sê nie vir hom: 'Aan jou sade,' asof dit na baie wys nie, maar "Aan jou Saad," soos na een: na Hom wat dié Gesalfde Een is
- 17 en ek sê dít: dat die verbond, wat deur God, in dié Gesalfde Een, van die begin af bekragtig is, ^{Gen 3:15} nie deur die geskrewe wet, wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, gekanselleer is om so die belofte tot niet te maak nie,
- 18 want as die erfenis vanuit die geskrewe wet is, dan is dit nie meer die vervulling van die belofte nie, maar God het dit aan Avraham deur 'n belofte gegee.
- 19 Hoekom dan die geskrewe wet? Dit is bygevoeg omrede die afdwaling totdat die Erfgenaam sou kom aan Wie die belofte gemaak is en daardie geskrewe wet is deur boodskappers gegee, deur die hand van 'n tussenganger.
- 20 'n Tussenganger verteenwoordig nie een alleen nie, maar God is een.
- 21 Is die wet wat ons ontvang het teenoorgesteld aan die belofte van God? 'n Verwerplike gedagte, want as daar 'n wet gegee is, wat in staat was om lewe te gee, dan sou die onpartydige opregtheid waarlik vanaf die wet gekom het.
- 22 Die Skrifte het alles onder die sonde ingesluit sodat die belofte in die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die wat vertrou, gegee kon word,
- 23 maar voordat die vertroue gekom het, is ons beskerm deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroue wat op die punt was om openbaar te word.
- 24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na dié Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue,
- 25 maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie,
- 26 want julle is almal seuns van God deur die vertroue in Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 27 want julle almal wat in dié Gesalfde Een gedoop is, het dié Gesalfde Een aangetrek.
- 28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in Yeshua, Die Gesalfde Een.
- 29 As julle aan dié Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.
- 4** 1 Ek sê: solank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy nie van die slawe nie, alhoewel hy hulle almal se meester is,
- 2 maar hy staan onder voogde en toesighouers tot op die tyd, soos deur sy vader bepaal is.
- 3 So was ons ook, toe ons kinders was, in slawerny onder die beginsels van die wêreld,
- 4 maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet,
- 5 om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as seuns kon ontvang,
- 6 maar omdat julle seuns is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!"
- 7 Julle is daarom nie slawe nie, maar seuns en as julle seuns is, dan ook erfgename van God deur Yeshua, dié Gesalfde Een,

- 8 maar toe julle God nie geken het nie, het julle dit gedien wat van nature geen god is nie,
- 9 maar nou dat julle God ken en spesifiek omdat julle deur God geken is, draai julle weer terug na die siek en swak beginsels om, weer van voor af, aan hulle onderworpe te wees.
- 10 Julle hou dae, maande, vasgestelde tye en jare.
- 11 Ek is bang dat ek miskien doelloos aan julle gewerk het.
- 12 Broers, ek smeeke julle, word soos ek, want ek het soos julle geword. Julle het geen onreg aan my gedoen nie,
- 13 maar julle weet dat ek vroeër deur my swakheid van liggaam die goeie boodskap aan julle verkondig het
- 14 en julle het die toets aan my liggaam nie verag of verwerp nie, maar julle het my ontvang as 'n boodskapper van God, asóf Yeshua, Die Gesalfde Een, self.
- 15 Waar is dan julle lofverklaring? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, julle oë sou uitgrawe en vir my sou gee.
- 16 Het ek julle vyand geword omdat ek aan julle die waarheid verkondig het?
- 17 Hulle is jaloers op julle, nie vir 'n goeie doel nie, maar om julle te onderdruk sodat julle hulle kan navolg.
- 18 Dit is goed as julle streef na iets goeds en nie alleen wanneer ek by julle is nie.
- 19 My seuns, vir wie ek weer van voor af in geboortepyne is totdat die realiteit van dié Gesalfde Een ten volle in julle gevorm is,
- 20 Ek verkies om nou by julle te wees en my stem te verander omdat ek nie raad het met julle nie.
- 21 Julle wat onder die geskrewe wet wil wees, sê vir my, verstaan julle nie wat die geskrewe wet sê nie?
- 22 Want daar is geskrywe: “Avraham het twee seuns gehad, een vanuit 'n slavin en een vanuit 'n vry vrou,” Gen 16; 21:1-21
- 23 maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte. Gen 18:9-15
- 24 Hierdie is 'n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar,
- 25 want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar seuns in slawerny is,
- 26 maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: dit is ons moeder,
- 27 want daar is geskryf: “Verbly jou, onvrugbare wat nie voortbring nie! Breek uit en roep, jy wat geen geboortepyne ken nie, want die seuns van die verlatene is meer as van haar wat begunstig is!” Yes 54:1
- 28 Ons, my broers, is egter net soos Yitz'gak, seuns van die belofte
- 29 en net soos toe hy wat na die menslike natuur gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, net so is dit ook nou,
- 30 maar wat sê die Skrif? ‘Gooi die slavin en haar seun uit, want die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vry vrou erf nie’. Gen 21:10
- 31 Ons is daarom, my broers, nie seuns van die slavin nie, maar seuns van die vry vrou.

- 5 1 Staar daarom vas in die vryheid waarmee dié Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie.
- 2 Let op, ek, Sha'ul, sê vir julle dat as julle jul laat besny, dié Gesalfde Een vir julle geen voordeel inhou nie Deut 10:16; Yir 9:24-25; Rom 2:26-29; 3:30; 4:11-12; Gal 5:2-6; Kol 2:11
- 3 en ek getuig dit weer aan elke mens wat besny is dat hy verskuldig is om die hele geskrewe wet na te kom.
- 4 As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van dié Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af,
- 5 want ons, deur die seëning van die Gees, wat deur vertroue is, bly in die aktiewe verwagting tot onpartydige opregtheid,
- 6 want in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua, is nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige iets, maar vertroue wat deur liefde volmaak gemaak is.
- 7 Julle het goed gehardloop. Wie het julle verhinder om die waarheid te gehoorsaam?
- 8 Julle oortuiging is nie vanaf Hom wat julle geroep het nie.
- 9 'n Bietjie suurdeeg maak al die deeg suur.
- 10 Ek vertrou dat, in eenheid met die Meester, julle nie ander dinge sal oorweeg nie, maar een wat dit vir julle moeilik maak, wie dit ook al mag wees, sal die oordeel dra.
- 11 Ek, my broers, as ek steeds die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolg? Dan is die struikelblok van die kruisiging tog vernietig!
- 12 Ek wens dat dié wat julle moeilikheid gee, afgesny sal word,
- 13 want julle is tot vryheid geroep, my broers; moet net nie dat julle vryheid geleentheid vir die vleeslike natuur is nie, maar julle behoort mekaar deur liefde te dien,
- 14 want die hele geskrewe wet word deur een boodskap volledig gemaak: "Jy moet jou medemens liefhê net soos jouself," Lev 19:18
- 15 maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie mekaar verslind nie.
- 16 Ek sê: "Leef deur die Gees, dan sal julle nooit deur die begeertes van die menslike natuur gevang word nie,
- 17 want die menslike natuur begeer die teenoorgestelde as die Gees en die Gees die teenoorgestelde as die menslike natuur. Hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil doen nie," Rom 8:8
- 18 maar as julle deur die Gees gelei word, is julle nie onder die wet nie,
- 19 maar julle ken die dade van die menslike natuur; dit is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid,
- 20 aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe,
- 21 afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie."
- 22 Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap, vrede, geduld, sagte omgee, goedheid, vertroue, Mat 7:16-20; Ya'a 3:17,18
- 23 nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is geen wet in plek nie,
- 24 maar dié wat aan dié Gesalfde Een behoort, het die menslike natuur met al sy passies en begeertes gekruisig.

25 Ons moet daarom in die Gees leef en aan die Gees oorgee

26 en laat ons nie sonder lof en eer wees nie; mekaar slegmaak en jaloers wees op mekaar nie.

6 1 My broers, as een van julle deur een of ander verkeerde keuse oorval word, moet julle wat in die Gees is, só een herstel met die gees van nederigheid en wees versigtig dat jy nie ook getoets word nie.

2 Dra mekaar se laste, want so vervul jy die wet van dié Gesalfde Een,

3 want as iemand dink dat hy iets is terwyl hy niks is nie, mislei hy homself,

4 maar 'n man moet sy eie dade toets en net in homself roem en nie tussen ander nie,

5 want elkeen moet sy eie taak dra.

6 Hy wat in die boodskap lering ontvang, moet van alles wat goed is, deel met hom wat vir hom lering gee. Deut 25:4; Luk 10:7; 1 Kor 9:9; 1 Tim 5:18

7 Moenie jouself mislei nie, want God word nie mislei nie, want enige iets wat die mens saai, dit sal hy ook oes.

8 Hy wat in sy menslike natuur saai, sal vanuit die menslike natuur vernietiging oes, maar hy wat in die Gees saai, sal vanuit die Gees die ewige lewe oes.

9 Wanneer ons doen wat goed is, moenie dat dit moeitevol wees nie, want op die bepaalde tyd sal ons self oes as ons nie moeg word nie.

10 Terwyl ons daarom tyd het, laat ons nou aan almal goed doen, maar spesifiek aan hulle wat seuns is van die huis van vertroue.

11 Sien die groot letters wat ek met my eie hand vir julle skryf.

12 Dié wat in die menslike natuur wil roem, dié dwing julle om julle te laat besny, want net in die besnydenis sal hulle nie vervolgd word in dié Gesalfde Een nie,

13 want selfs nie hulle wat besny is, gehoorsaam die wet nie, maar hulle wil dat julle besny word sodat hulle in julle liggame kan roem,

14 maar wat my betref: ek sal nie roem nie, behalwe in eenheid met die kruisiging van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, deur Wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld,

15 want nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid het enige waarde, maar 'n nuwe skepping het.

16 Vir dié wat hierdie pad loop: vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en liefdevolle omgee sal oor julle wees en oor die Yisra'el van God!

17 Laat mense my dus nie pla nie, want ek het die merke van ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een, in my liggaam ontvang.

18 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, bly met julle gees, my broers!

Dit is waar!

Die sewentiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan die gemeente in Efesos.

Afsaya

{ Efesiërs }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het)

Dit is tydens Sha'ul se gevangenskap in die jaar 62 vanaf
Rome geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God, aan hulle wat in Efesos is; afgesonder en getrou in Yeshua, dié Gesalfde Een:
- 2 vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle en onverdiende guns vanaf God, ons Vader en vanaf ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 3 Geseënd is God, die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons geseën het met al die seëninge van die Gees in die hemel, in eenheid met dié Gesalfde Een
- 4 net soos Hy ons vroeër, in eenheid met Hom, gekies het van voor die ontstaan van die wêreld af, om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees en ons vroeër in liefde vir Homself aangestel
- 5 en ons as seuns gevestig het deur Yeshua, dié Gesalfde Een, want dit stel Sy wil tevrede
- 6 sodat die eer en lof van Sy onverdiende guns geprys kan word, wat oorvloei op ons deur die Een wat Hy lief het,
- 7 want in Hom is daar vir ons vryspraak en deur Sy bloed die vergifnis van sondes volgens die rykdom van Sy onverdiende guns,
- 8 wat oorvloedig in ons is in alle wysheid en begrip vanaf die Gees.
- 9 Hy het ook aan ons die geheime van Sy wil geleer, dit wat Hy vroeër besluit het om in Homself te doen
- 10 vir die uitvoering van die einde van tye; alle dinge word in die hemel en op die aarde deur dié Gesalfde Een van voor af nuut gemaak.
- 11 In eenheid met Hom is ons gekies volgens die inskrywing van ouds en volgens Sy wil, waardeur Hy alles doen volgens die gedagte van Sy wil
- 12 sodat ons, wat eerste 'n versekerde verwagting in dié Gesalfde Een gehad het, kan wees tot eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
- 13 Julle het ook die boodskap van die waarheid, die goeie boodskap van julle redding, in Hom in Wie julle vertrou het gehoor en is julle geseël in die Gees wat Afgesonderd is, wat belowe is,
- 14 wat die waarborg is van ons erfenis, tot die losprys van hulle wat gered is en vir die eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
- 15 Om hierdie rede, let op, vandat ek gehoor het van julle vertroue wat in ons Meester Yeshua is en julle liefde tot al die afgesonderdes,
- 16 hou ek nie op om dankie te sê vir julle en om julle te onthou in my gebede nie
- 17 sodat die God van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gee saam met geestelike kennis van Hom
- 18 en dat die oë van julle verstand, wil en emosie verhelder sal word sodat julle kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes
- 19 en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou, volgens die effektiewe vermoë van Sy krag
- 20 wat Hy gewerk het in dié Gesalfde Een toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemel, Ps 110:1; Mar 9:1; Kol 1:13

- 21 ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. ^{Open 21:1}
- 22 Hy het alles onder Sy voete geplaas ^{Ps 8:7} en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente,
- 23 wat Sy liggaam is, aangestel; die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak; ^{1 Kor 15:23-28}
- 2 1 wat selfs julle volledig maak, ^{Yog 14:26; 1 Yog 2:27; Efe 3:17-19} wat dood was in julle sondes en in julle dwaashede
- 2 waarin julle vroeër, volgens die wêreldsheid van hierdie wêreld en volgens die heersers, die outoriteit van die lug en van hierdie gees wat ywerig is in die seuns van ongehoorsaamheid, geleef het
- 3 in daardie werke waarin ons ook een of ander tyd aan die begin betrokke was, in die begeertes van ons menslike natuur en toe ons die wil van ons menslike natuur en van ons eie gedagtes gedoen het. Ons was ook volkome seuns van die wraak, net soos ook die ander,
- 4 maar God, wat ryk is in omgee, het, as gevolg van Sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het,
- 5 toe ons dood was in ons sonde, vir ons lewe gegee saam met dié Gesalfde Een en ons deur Sy onverdiende guns gered
- 6 en ons saam met Hom opgewek en ons saam met Hom laat sit in die hemel, in dié Gesalfde Een, Yeshua,
- 7 om aan die tydperk wat kom, die oorvloedige rykdom van Sy onverdiende guns in goedheid met sagtheid, wat oor ons gekom het in dié Gesalfde Een, Yeshua, te kan wys,
- 8 want dit is as gevolg van Sy onverdiende guns dat ons deur die vertrouwe gered is en dit is nie uit onself nie, dit is 'n geskenk van God,
- 9 nie deur dade nie sodat niemand kan roem nie, ^{Yir 9:23}
- 10 want ons is Sy skepsele, wat geskape is in dié Gesalfde Een, Yeshua, vir die goeie dade wat God van die begin af vir ons voorberei het om in te leef. ^{Gen 1:26,28; Eks 18:20; Yog 14:10; 1 Kef 3:21; Rom 6:3-8; 2 Kor 5:17; Efe 4:12; 2 Tim 2:11-13}
- 11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en 'onbesnedenis' genoem is, anders as hulle wat 'die besnedenis' genoem word en 'n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word
- 12 en dat julle in daardie tyd sonder dié Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra'el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.
- 13 Nou, in dié Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van dié Gesalfde Een,
- 14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.
- 15 In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word.

- 16 Hy het die twee se verhouding met God herstel in een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak. ^{Yeg 37:16-19}
- 17 Hy het gekom en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid aan julle wat ver was en ^{Yes 57:19} aan die wat naby was verkondig,
- 18 want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.
- 19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Afgesonderde Stad en seuns van die familie van God. ^{Heb 11:13-16; Open 21:2-27}
- 20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete met Yeshua, dié Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. ^{Ps 118:22-23; 1 Kef 1:17; 2:4}
- 21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met ^{Yeg 37:26-28; Mar 12:10} יהוה
- 22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

- 3** 1 Om hierdie rede is ek, Sha'ul, vir julle van ander nasies se ontwil, die gevangene van dié Gesalfde Een, Yeshua.
- 2 As julle gehoor het van die toepassing van die onverdiende guns van God wat aan my gegee is tussen julle
- 3 dat Hy aan my deur 'n openbaring die geheim, soos ek vroeër in kort geskryf het, geleer het;
- 4 waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die geheim van dié Gesalfde Een kan verstaan,
- 5 wat in ander generasies nie aan die kinders van die mens bekend gemaak is soos dit nou aan Sy afgesonderde afgevaardigdes en profete openbaar word deur die Gees nie:
- 6 dat die ander nasies mede-erfgename is, lede van Sy liggaam en van die belofte wat in Hom gegee is deur die goeie boodskap.
- 7 Dit waarvan ek 'n bedienaar geword het, volgens die geskenk van die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, volgens die aksie van Sy wonderwerkende krag.
- 8 Aan my, die geringste van al die afgesonderdes, is hierdie onverdiende guns gegee om onder die ander nasies die goeie boodskap van die rykdom van dié Gesalfde Een te verkondig; dit waarna hulle nie gesoek het nie
- 9 en dat ek elke persoon die lig laat sien deur die toepassing van die geheim, wat verborge was vir die wêreld, in God, die Skepper van alles
- 10 sodat die groot en omvattende wysheid van God, deur die gemeente aan die heersers en outoriteite wat in die hemele is, bekend gemaak sal word.
- 11 Dit wat Hy voorbereid gehad het vanaf ewigheid en uitgevoer het in Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester,
- 12 in Wie ons vrymoedigheid en toegang het, in die versekering van Sy vertroue.
- 13 As gevolg hiervan vra ek dat julle nie swak word deur my beproewing ter wille van julle nie, want dit is julle eer en lof.
- 14 Ek buig my knieë voor die Vader van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 15 vanaf Wie elke vaderskap in die hemele en op die aarde sy karakter en outoriteit (naam) ontvang

- 16 sodat Hy aan julle kan gee volgens die rykdom van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid om met wonderwerkende krag in Sy Gees versterk te word dat in julle innerlike mens,
- 17 dié Gesalfde Een deur vertrouwe mag bly en dan in julle verstand, wil en emosie, in liefde, julle wortel en fondasie versterk
- 18 sodat julle saam met al die afgesonderdes kan ontdek wat die breedte, lengte, diepte, hoogte
- 19 en die grootheid van die kennis van die liefde van dié Gesalfde Een is en dit kan ken en gevul kan word met al die volheid van God. Yog 14:26; 1 Yog 2:27; Efe 2:1; Kol 1:9; 3:14
- 20 Aan Hom wat meer as kragtig is, om vir ons te doen ver bo alles wat ons vra of dink, volgens Sy wonderwerkende krag wat in ons werk,
- 21 die eer, lof en aanbidding in Sy gemeente, in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua, deur alle geslagte vir tydlose ewigheid! Dit is waar!
- 4** 1 Ek doen daarom 'n beroep op julle, ek, 'n gevangene in eenheid met ons Meester, om waardig te leef aan die roeping waarmee julle geroep is:
- 2 in alle nederigheid van gedagte, stil, met verdraagsaamheid en met geduld teenoor mekaar in liefde.
- 3 Wees ywerig om die eenheid van die Gees te beskerm deur die bande van vrede
- 4 sodat julle in een liggaam en in een Gees sal wees, net soos toe julle geroep is in een versekerde verwagting van julle roeping,
- 5 want daar is een יְהוָה, Deut 6:4 een vertrouwe, een doop,
- 6 een God, die Vader van almal, wat oor almal en by almal en in ons almal is,
- 7 maar aan elkeen van ons is onverdiende guns gegee volgens die grootte van die geskenk van dié Gesalfde Een.
- 8 As gevolg hiervan word gesê: “Hy het opgevaar in die hoogte in en het die gevangenskap gevange geneem en geskenke aan die mense gegee.” Ps 68:19
- 9 Dit: ‘Hy het opgevaar’, wat beteken dit anders as dat Hy ook eers afgegaan het na die laer dele van die aarde?
- 10 Die Een wat afgegaan het, is dieselfde Een wat opgegaan het ver bo al die hemele sodat Hy alles volledig kon maak
- 11 en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,
- 12 om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van dié Gesalfde Een Yog 14:10; Efe 2:10
- 13 totdat ons almal een sal wees in vertrouwe en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgrooidheid van dié Gesalfde Een.
- 14 Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie,
- 15 maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in dié Gesalfde Een, wat die Hoof is

- 16 en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word.
- 17 Dit sê ek en getuig ek in יְהוָה dat julle van nou af nie langer moet leef soos die ander van ander nasies, wat leef in die leegheid van hulle denke, nie. ^{Rom 1:21-32}
- 18 Hulle is verduister in hulle intellek en vreemdelinge aan die lewe van God, want hulle het nie kennis nie, as gevolg van die blindheid van hulle verstand, wil en emosie;
- 19 hulle wat hulle versekerde verwagting afgesny het en hulle gees oorgegee het aan wellustigheid en die ontwikkeling van allerhande onreinhede in hul gulsigheid. ^{Rom 1:21}
- 20 Julle het egter nie so geleer van dié Gesalfde Een nie,
- 21 as julle inderdaad na Hom geluister het en deur Hom geleer is, aangesien alles wat waarheid is in Yeshua is:
- 22 dat julle, die vorige optrede van die ou mens, wat deur die begeertes van misleiding korrupt is, moet afgooi.
- 23 Julle moet die gees van julle denke voortdurend vernuwe ^{Yeg 18:31}
- 24 en die nuwe mens aantrek wat in God, in onpartydige opregtheid en in die reinheid van die waarheid geskape is.
- 25 As gevolg hiervan, gooi die leuens af en praat die waarheid, elkeen met sy medemens, ^{Z'kh 8:16} want ons is mekaar se ledemate.
- 26 Word kwaad en moenie sondig nie; ^{Ps 4:5} laat die son nie ondergaan oor julle woede nie
- 27 en gee ook geen plek aan die lasteraar (aanklaer) nie.
- 28 Hy wat gesteel het, moet van nou af nie steel nie, maar laat hom hard werk met sy hande en doen wat goed is sodat hy iets kan hê om te gee aan die een wat gebrek het.
- 29 Laat daar geen haatlike woorde uit julle mond uitgaan nie, maar wat goed is en bruikbaar vir die nodige opbouing sodat jy onverdiende guns kan gee aan die wat dit hoor
- 30 en moet ook nie die Gees van God wat Afgesonderd is, in Wie julle verseël is tot die dag van bevryding, droewig maak nie. ^{Yes 63:10}
- 31 Alle bitterheid, woede, toorn, geskree en beledigings moet van julle af weggevat word, saam met alle boosheid,
- 32 maar wees sag en vol omgee teenoor mekaar; vergewe mekaar net soos God ons ook in dié Gesalfde Een vergewe het.
- 5** 1 Wees julle daarom nabootsers van God soos seuns vir wie Hy lief is
- 2 en leef in liefde, net soos dié Gesalfde Een ons ook liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het as 'n offer en slagoffer aan God tot 'n soet reuk,
- 3 maar seksuele oortredinge en alle onreinheid of gulsigheid moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit gepas is by afgesonderdes,
- 4 ook nie beledigende, dwase, growwe of onsinnige praatjies, wat nie nodig is nie, maar eerder van dankbaarheid,

- 5 want hierdie weet julle, dat daar vir die seksuele oortreder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodsaanbidder is, nie 'n erfporse in die Koninkryk van dié Gesalfde Een en van God is nie.
- 6 Laat niemand julle met leë woorde mislei nie, want daardeur kom die woede van God oor die seuns van die ongehoorsaamheid;
- 7 moet daarom nie vennote saam met hulle word nie,
- 8 want julle was eers duisternis, maar nou is julle lig in eenheid met ons Meester. Leef daarom soos seuns van die Lig,
- 9 want die vrug van die Lig bestaan in alle goedheid, onpartydige opregtheid en waarheid.
- 10 Onderskei wat voor ons Meester aanvaarbaar is
- 11 en moet ook nie gemeenskap hê met diensknegte van die duisternis nie, want daar is geen vrug in hulle nie, maar jy moet hulle bestraf, ^{Tit 1:9-11}
- 12 want wat hulle in die privaatheid doen, is afskuwelik, selfs om te noem,
- 13 maar alles word uitgewys vanuit die lig en word openbaar, want alles wat iets openbaar, is lig. ^{Yog 3:20,21}
- 14 Dit word daarom gesê: “Word wakker, jy wat slaap en staan op vanuit hulle wat dood is en dié Gesalfde Een sal jou verlig.” ^{Rom 13:11; 1 Thes 5:6}
- 15 Kyk daarom presies hoe julle leef: eerbaar, nie soos dwase nie, maar soos wyses
- 16 wat hulle tyd / geleenthede uitkoop omdat die dae boos is.
- 17 As gevolg hiervan moet julle nie dwaas word nie, maar verstaan wat die wil van die Meester is.
- 18 Moenie dronk word van wyn nie, daarin is losbandigheid, maar word voortdurend met die Gees vervul.
- 19 Praat met julleself in psalms, lofliedere en liedere van die Gees en sing in julle gedagtes, wil en emosie tot יהוה.
- 20 Gee altyd dank tot God-die-Vader vir almal, in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een
- 21 en wees aan mekaar gehoorsaam in die liefde van dié Gesalfde Een.
- 22 Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam, net soos aan ons Meester,
- 23 want die man is die hoof van die vrou, net soos dié Gesalfde Een ook Hoof is van die gemeente en Hy die Lewegewer / Redder van die liggaam is,
- 24 maar soos die gemeente aan dié Gesalfde Een gehoorsaam is, op dieselfde manier moet die vrou ook, in alles, aan hul eie mans wees.
- 25 Mans julle moet julle eie vroue liefhê, net soos dié Gesalfde Een ook die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het,
- 26 om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water (Mikveh) en in die Boodskap
- 27 en Hy sal die gemeente vir Hom bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is, maar dit moet afgesonderd en sonder fout wees. ^{LvL 4:7}
- 28 Op dié manier moet mans hulle eie vroue liefhê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou lief het, het homself lief,

- 29 want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed en sorg vir sy eie, net soos Die Gesalfde Een vir die gemeente,
30 want ons is ledemate van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene.
31 “Die man moet daarom sy vader en sy moeder verlaat en hom aan sy vrou verbind en hulle twee sal een vlees wees.” ^{Gen 2:24}
32 Hierdie geheim is groot, maar ek sê dit met die oog op dié Gesalfde Een en die gemeente,
33 maar oók vir elkeen van julle, wat oók afsonderlik sy eie vrou moet liefhê, net soos homself en die vrou moet haar man respekteer.

- 6** 1 Seuns, gehoorsaam jul ouers in eenheid met ons Meester, want dit is reg.
2 Hierdie is die eerste opdrag met ’n belofte: ^{Deut 5:16} “Eer en respekteer jou vader en jou moeder
3 sodat dit met jou goed mag gaan en jou lewe lank mag wees op die aarde.” ^{Eks 20:12}
4 Vaders, moenie julle seuns kwaad maak nie, maar maak hulle groot in die dissiplinêre tug en in die leringe van ons Meester. ^{Gen 18:19}
5 Slawe, gehoorsaam julle meesters na die vlees, met respekvolle vrees en bewing en in eenvoudigheid van verstand, wil en emosie, soos vir dié Gesalfde Een;
6 nie wat nodig het om dopgehou te word soos mensebehaers nie, maar soos slawe van dié Gesalfde Een wat die wil van God doen
7 en dien hulle vanuit jou hele wese in liefde, soos vir ons Meester en nie vir mense nie.
8 Soos julle weet, sal elkeen, vir die goeie wat hy doen, beloning van ons Meester kry, of hy ’n slaaf of ’n vryman is.
9 So ook julle, meesters; doen dieselfde teenoor hulle en vergewe hulle oortredinge omdat julle weet dat ook julle eie Meester in die hemel is en by Hom is geen partydigheid nie.
10 Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag.
11 Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die lasteraar (aanklaer),
12 want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die beheerders van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel.
13 Trek daarom al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat sal wees om die bese een te konfronteer ^{Yir 1:17; Ya’a 4:7; 1 Kefa 5:9; 2 Tim 1:8} en wanneer julle gereed is in alle dinge, sal julle staan.
14 Staans daarom en maak die gordel van waarheid ^{Yes 11:5; 1 Kef 1:13} om julle heupe vas en trek die borsplaat van onpartydige opregtheid aan ^{Yes 59:17}
15 en bind die skoene aan julle voete vas in voorbereiding vir die goeie boodskap van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. ^{Yes 52:7}
16 By dit alles tel die skild van vertroue op sodat julle die krag sal hê om al die brandende pyle van die bese te kan uitblus.
17 Sit die kopskerm van verlossing op ^{Yes 59:17} en tel die swaard van die Gees op, wat die boodskap van God is.

- 18 In alle gebede en in alle begeertes, bid by elke geleentheid in die Gees. Wees elke oomblik in Hom waaksaam in gebed terwyl julle voortdurend bid en intree vir die afgesonderdes
- 19 en vir my sodat 'n boodskap vir my gegee mag word as ek my mond oopmaak om openlik die geheime van die goeie boodskap te verkondig,
- 20 waarvoor ek 'n ambassadeur in kettings is sodat ek dit met vrymoedigheid mag sê soos dit vir my nodig is om te praat.
- 21 Tugikos, 'n vertrouenswaardige dienaar in die Meester en die broer vir wie ons lief is, sal julle alles vertel wat ek doen sodat julle ook my omstandighede kan ken.
- 22 Ek sal hom juis hiervoor na julle toe stuur sodat julle ons omstandighede kan ken en hy julle gedagtes, wil en emosie kan versterk en vertroos.
- 23 Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir ons broers en liefde, saam met vertrouwe, vanaf God-die-Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 24 Die onverdiende guns bly saam met almal wat ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een sonder korrupsie lief het! Dit is waar!

Die agtiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan die gemeente in Filippii.

Filipsaya

{ Filippense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het)

Dit is in die jaar 62-63, tydens Sha'ul se gevangenskap,
vanaf Rome geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul en Timoteos, slawe van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan al die afgesonderdes wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, in Filippoi is, saam met die oudstes en dié wat bedien:
- 2 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God, ons Vader en vanaf ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 3 Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink.
- 4 Ek bid in al my gebede, oor julle almal terwyl ek met blydschap intree
- 5 vir julle vennootskap met die goeie boodskap van die eerste dag af tot nou toe
- 6 omdat ek vertrou aangaande dit, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal vervolmaak tot op die dag van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 7 Dit is vir my reg om so van julle almal te dink omdat ek julle in my gedagtes, wil en emosie hou, aangesien julle almal in my boeie, sowel as in die verdediging en bevestiging van die goeie boodskap, my deelgenote in die onverdiende guns is,
- 8 want God is my getuie hoe lief ek vir julle is met die omgee van Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 9 Dit bid ek: dat julle liefde mag vermeerder en dat julle meer oorfloedig mag word in kennis en in alle Geestelike insig,
- 10 om die dinge te kan onderskei wat paslik is en julle rein, sonder aanklag, mag wees op die dag van dié Gesalfde Een,
- 11 volgemaak met die vrugte van onpartydige opregtheid wat daar is in Yeshua, dié Gesalfde Een, tot eer, lof en aanbidding van God.
- 12 Ek wil hê dat julle moet weet, my broers, dat my omstandighede al hoe meer tot voordeel van die goeie boodskap gebeur het,
- 13 deurdat my 'boeie in dié Gesalfde Een' bekend geword het by die hele paleis en by al die ander.
- 14 'n Menigte van die broers wat in ons Meester is, het deur my boeie vrymoedige vertroue gekry en al hoe meer gewaag om die boodskap van God sonder vrees te verkondig.
- 15 Sommige verkondig dié Gesalfde Een wel ook uit jaloesie en tweespalt, maar sommige in goedgesindheid en in liefde,
- 16 want hulle weet dat ek aangestel is om uit te gaan in verdediging van die goeie boodskap,
- 17 maar dié wat uit tweespalt dié Gesalfde Een verkondig, is nie opreg nie, maar hoop om lyding by my gevangenskap by te voeg.
- 18 Hierin het ek my verheug en verheug ek my, dat in elke geval: of dit uit voorgee, of uit waarheid is, dié Gesalfde Een verkondig word,
- 19 want ek weet dat hierdie dinge vir my tot lewe gevind sal word deur julle gebed en deur die geskenk van die Gees van Yeshua, dié Gesalfde Een, ^{Iyov 13:16}
- 20 net soos ek 'n versekerde verwagting en afwagting het om in niks beskaam te word nie, maar dat dié Gesalfde Een, soos altyd, so ook nou, met vrymoedige openheid groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is,
- 21 want my lewe is dié Gesalfde Een en as ek sterf is dit tot my voordeel.

- 22 As daar ook op my werk in dié lewe van die vlees vrug is, weet ek nie wat ek sal kies nie,
23 want ek word van weerskante gedring: om weg te gaan, want ek het 'n begeerte om by dié Gesalfde Een te wees, want dit is baie voordeliger vir my,
24 maar ek word ook gedring om in my liggaam te bly, ter wille van julle
25 en dit weet ek verseker, dat ek sal bly en by julle almal sal wees, vir julle blydschap en vir julle groei in vertroue.
26 Wanneer ek weer na julle toe kom, sal ek julle roem, in dié Gesalfde Een, Yeshua alleen, oervloedig kan maak.
27 Wees gelei soos dit die goeie boodskap van dié Gesalfde Een pas sodat, of ek kom en julle sien en of ek afwesig is en van julle omstandighede hoor, dat julle in een gees en in een denke, wil en emosie staan en julle algemeen bekend is as één in die vertroue van die goeie boodskap
28 en julle in niks rondgeskud sal word deur hulle wat ons teëstaan nie; as 'n demonstrasie van hulle vernietiging, maar van julle lewe.
29 Dit word vanaf God vir julle gegee sodat julle deur vertroue nie net in Hom, dié Gesalfde Een, vertrou nie, maar ook vir Hom sal ly
30 en julle dieselfde stryd sal deurmaak as wat julle in my gesien het en nou van my hoor.

- 2 1 As daar daarom vir julle enige vertroosting en versterking in eenheid met dié Gesalfde Een is; of as die verstand, wil en emosie met liefde volgemaak is; of as daar gemeenskap met die Gees is; of as daar sagte omgee en meegevoel is,
2 maak my blydschap volledig deur een gedagte te hê; een liefde; een gees; een denke.
3 Moet niks doen uit tweespalt of in leë eer en lof nie, maar in nederigheid van gedagte moet die een sy naaste hoër ag as homself.
4 Moet ook nie elkeen vir sy eie dinge omgee nie, maar elkeen ook vir die van sy naaste.
5 Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in dié Gesalfde Een, Yeshua, is,
6 Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie, ^{Yog 14:20; Kol 2:9,10}
7 maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het in die vorm van 'n mens en gevind is in die gedaante van 'n man:
8 Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word.
9 God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig ^{Ps 110:1} en aan Hom die Karakter en Outortiteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outoriteit (naam) is
10 sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outoriteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, ^{Yes 45:23} dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is
11 en elke tong sal erken dat Yeshua, dié Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God, Sy Vader.

- 12 Julle vir wie ek lief het, soos julle altyd gehoorsaam was, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, meer as ooit, doen daarom die diens van julle lewe met vrees en bewing, ^{Ps 2:11}
- 13 want God werk versigtig in julle om beide te begeer asook om dit te doen waarna julle begeer.
- 14 Doen alles sonder om te kla en sonder verdeeldheid
- 15 sodat julle volmaak en onberispelik kan wees, as gereinigde seuns van God wat in 'n harde en verdraaide geslag leef, ^{Deut 32:5} onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,
- 16 want julle staan in die plek van lewe vir hulle; vir my om oor te roem in die dag van dié Gesalfde Een, want ek het nie verniet gehardloop of vir niks gewerk nie,
- 17 maar al word ek as 'n drankoffer uitgegooi oor julle offer en die diens van julle vertroue, verbly en verheug ek my saam met julle almal.
- 18 Net so moet julle ook saam met my bly wees en julle verheug.
- 19 Ek verwag, in eenheid met ons Meester, Yeshua, om Timoteos gou na julle te stuur sodat dit vir my ook verfrissend kan wees wanneer ek van julle hoor,
- 20 want ek het niemand anders hier wat net soos ek ernstig omgee vir julle nie,
- 21 want hulle soek almal hul eie belange, nie dié van dié Gesalfde Een, Yeshua nie.
- 22 Die bewys van hiërdie een ken julle, dat hy, soos 'n seun by sy vader, saam met my in diens van die goeie boodskap is.
- 23 Ek verwag om hom gou te stuur, sodra ek sien hoe dit met my sal gaan
- 24 en ek vertrou op my Meester dat ek self ook gou na julle toe sal kom.
- 25 Nou het 'n saak my genoodsaak om Epafroditos, my broer, medewerker en julle afgevaardigde en bedienaar van my behoefte, na julle toe te stuur
- 26 omdat hy na julle almal verlang het en besorg was omdat julle gehoor het dat hy siek was,
- 27 want hy was ook siek, naby die dood, maar God het vir hom omgee en nie vir hom alleen nie, maar ook vir my sodat ek nie droefheid op droefheid sou hê nie.
- 28 Ek het hom daarom gretiglik gestuur sodat julle hom kan sien en julle verbly en ek 'n bietjie sal rus.
- 29 Ontvang hom daarom in יהוה in alle vreugde en hou sulke manne in hoë eer,
- 30 want ter wille van die werk van dié Gesalfde Een het hy tot naby die dood gekom en sy lewe nie in ag geneem, om te voltooi wat julle kortgekom het in die dienslewering aan my, nie.
- 3** 1 My broers, verbly julle daarom in eenheid met ons Meester. Dit is vir my nie moeite om dieselfde dinge aan julle te skryf nie, want dit beskerm julle.
- 2 Wees versigtig vir honde (lae morele mense); wees versigtig vir werkers van boosheid; wees versigtig vir die vleeslike besnyers,
- 3 want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, dié Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie;
- 4 alhoewel ek ook rede het om te vertrou op die vleeslike. As iemand anders dink dat hy op die vleeslike kan vertrou, ek nog meer:

- 5 besny op die agtste dag, ^{Gen 17:8-12} vanuit die familie van Yisra'el, vanuit die stam van Binyamin; 'n Hebreër, seun van 'n Hebreër; in die geskrewe wet 'n Fariseër;
- 6 in ywer, 'n vervolger van die gemeente; volgens die onpartydige opregtheid wat in die wet vereis word, onberispelik,
- 7 maar hiërdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van dié Gesalfde Een.
- 8 Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, dié Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om dié Gesalfde Een as wins te verkry
- 9 en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydige opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertroue van dié Gesalfde Een is, die onpartydige opregtheid wat uit God is
- 10 sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood
- 11 sodat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal.
- 12 Nie dat ek dit nou al gekry het of al volmaak gemaak is nie, maar ek hardloop asof ek dit in besit kan neem, waarvoor ek ook deur Yeshua, dié Gesalfde Een, in besit geneem is.
- 13 My broers, ek reken nie dat ek dit self in besit geneem het nie, maar een ding weet ek: dit wat agter my is, het ek vergeet en ek strek my uit na wat voor is
- 14 en hardloop na die einddoel om die prys te verkry van die hoogste roeping van God in Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 15 Laat almal wat volwasse geword het, deur hierdie dinge oortuig wees en as julle van iets anders oortuig is, sal God ook dit aan julle openbaar.
- 16 Laat ons egter daarby kom en op een pad volg, in een gesindheid.
- 17 Volg my na, my broers en let op na dié wat leef volgens die voorbeeld wat julle in ons gesien het,
- 18 want daar is baie wat anders leef, van wie ek dit baie vir julle gesê het en nou ook huilend sê: hulle is vyande van die kruis van dié Gesalfde Een.
- 19 Hulle einde is die vernietiging; hulle god is die maag en hulle eer en lof is in hulle skande, deurdat hulle aardse dinge bedink,
- 20 maar ons besigheid is in die hemel en komend van daar kyk ons ook vir die Lewegewer: ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 21 want Hy sal ons vernederde liggaam verander, om te wees volgens die beeld van Sy liggaam van lof en eer volgens Sy groot krag, waardeur alles aan Hom gehoorsaam gemaak word.
- 4** 1 My broers vir wie ek lief is; my blydschap en kroon, staan daarom op dié manier vas in ons Meester.
- 2 Ek doen 'n beroep op Euodia en Suntuge om een van gedagte te wees in ons Meester
- 3 en ek vra jou, wat opreg die juk saam met my dra; help hierdie wat saam met my gestoei het in die goeie boodskap; saam met Klemes en my ander medewerkers wie se name in die boekrol van die lewe geskryf is. ^{Open 20:12,15}

- 4 Verheug julle in eenheid met ons Meester; ek sê weer: verheug julle!
- 5 Laat alle mense julle nederigheid sien. Ons Meester is naby.
- 6 Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend ^{1 Kefa 5:7}
- 7 en die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een;
- 8 daarom, my broers: voed julleself met alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat onskuldig en opreg is, alles wat skoon is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is en daardie werke van lof en eer, wat geprys word.
- 9 Hierdie dinge wat julle geleer, ontvang, gehoor en in my gesien het, doen dit en die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid sal by julle wees.
- 10 Ek het my baie in ons Meester verbly dat julle voortgegaan het om om te gee vir my; net soos julle nog altyd omgee het, maar nie ten volle in staat was nie.
- 11 Nie dat ek dit sê omdat ek behoefte het nie, want ek het geleer dat, wat ek ook al het, vir my genoeg sal wees.
- 12 Ek weet wat dit is om verneder te word; ek weet wat dit is om oorvloed in alles te hê en in alles leer ek: ook om versadig te wees, ook om honger te ly, in oorvloed en in armoede,
- 13 want ek is kragtig opgewasse teen alles, deur dié Gesalfde Een wat my krag gee.
- 14 Nogtans het julle goed gedoen deur deel te hê in my laste,
- 15 maar weet ook, julle Filippense, dat by die aanvang van die goeie boodskap, toe ek van Makedonia af vertrek het, geen gemeente deel gehad het in my rekening van gee en ontvang nie, behalwe julle alleen
- 16 en ook in Thessalonike het julle, dit wat ek nodig gehad het, een of twee maal vir my gestuur.
- 17 Nie dat ek geskenke soek nie, maar dat julle vrug mag vermeerder.
- 18 Ek het alles ontvang en daar is oorvloed en ek het meer as genoeg noudat ek van Epafroditos ontvang het wat deur julle gestuur is, 'n soet reukoffer, aanvaarbaar, wat God tevrede stel.
- 19 My God sal al julle behoeftes vervul deur Sy rykdom in die goedheid en rykdom van Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 20 Aan God ons Vader die eer, lof en aanbidding vir tydlose ewigheid! Dit is waar!
- 21 Stuur vrede vir al die afgesonderdes wat in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een is. Die broers wat saam met my is, stuur vrede vir julle.
- 22 Al die afgesonderdes, maar veral die wat aan die keiserlike huis behoort, stuur vrede vir julle.
- 23 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle almal! Dit is waar.

Die negentiende boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan die gemeente in Kolossus.

Kulsaya

{ Kolossense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is in die jaar 62, tydens Sha'ul se gevangenskap, geskryf
vanaf Rome.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Vanaf Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God en vanaf die broer Timoteos;
- 2 aan die afgesonderdes en broers wat vertrou in Yeshua, dié Gesalfde Een, wat in Kolossus is: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader!
- 3 Ons dank God, die Vader van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, elke keer as ons vir julle bid
- 4 vandat ons gehoor het van julle vertrou in Yeshua, dié Gesalfde Een en julle liefde vir al die afgesonderdes,
- 5 as gevolg van die versekerde verwagting wat vir julle opsy gesit is in die hemel, waarvan julle van die begin af gehoor het in die boodskap van waarheid van die goeie nuus.
- 6 Dit wat aan julle, sowel as aan die hele wêreld, verkondig is, wat groei en vrugbaar is, net soos onder julle, van die dag af dat julle dit gehoor het en geleer is van die onverdiende guns van God in waarheid;
- 7 soos wat julle geleer het van Epafras, ons medeslaaf vir wie ons lief is, wat 'n vertrouwenswaardige bedienaar van dié Gesalfde Een vir julle is,
- 8 wat ook vir ons vertel het van julle liefde in die Gees.
- 9 As gevolg hiervan hou ons ook nie op om, vanaf die dag dat ons dit gehoor het, vir julle te bid nie en te vra dat julle volledig gemaak mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en begrip van die Gees ^{Efe 3:16-19}
- 10 sodat julle mag leef volgens wat reg is, God in alle goeie daade tevrede stel en julle vrug mag dra en vermeerder in die kennis van God
- 11 en dat julle met alle krag versterk sal word volgens die grootheid van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, om in alles uit te hou en geduldig te wees en met blydschap
- 12 God-die-Vader te dank wat ons waardig gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die afgesonderdes in die lig. ^{Yog 1:7,9}
- 13 Hy het ons gered uit die outoriteit van die duisternis en ons gebring na die Koninkryk van Sy Seun, wat Hy lief het, ^{Yes 45:12,13; Ps 110:1; Mar 9:1; Efe 1:20}
- 14 in Wie vir ons verlossing en vergifnis van sondes is.
- 15 Hy, wat die afbeelding is van die onsigbare God, die Eersgeborene van alles wat geskep is. ^{Heb 1:3}
- 16 In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, of dit nou trone of heerskappye of heersers of outoriteite is. Alle dinge is in Sy hand en vir Hom geskep.
- 17 Hy is die Een wat voor alle dinge is en in Hom is alles gevestig. ^{Heb 1:2}
- 18 Hy is die Hoof van die liggaam, wat die gemeente is. Hy is die Hoof en die Eersgeborene uit die dood sodat Hy in alles die Eerste kan wees,
- 19 want Hy wil dat in Hom alle volheid sal bly
- 20 en deur Hom alle verhoudings met Homself sal herstel en Hy het vrede gemaak deur die bloed van Sy kruisiging; óf dit nou die dinge op die aarde is óf ook die dinge in die hemele.

- 21 Ook vir julle wat vroeër vreemdelinge en vyande in julle gedagtes deur julle bose werke was, het Hy nou vrede gegee
- 22 in Sy vleeslike liggaam en deur Sy dood, om julle afgesonderd, sonder skuld en sonder aanklag voor Hom te laat staan
- 23 as julle voortgaan in julle vertroue terwyl julle fondasie waar is en julle nie wegbeweeg van die versekerde verwagting van die goeie boodskap af, wat julle gehoor het en wat verkondig is aan elkeen in die skepping onder die hemel, waarvan ek, Sha'ul, die bedienaar geword het nie.
- 24 Ek verheug my in lyding wat om julle onthalwe is en vul in my vlees aan, dit wat ek kortkom aan die lyding van dié Gesalfde Een, vir Sy liggaam, wat die gemeente is;
- 25 waarvan ek 'n bedienaar geword het volgens die verantwoordelikheid van God wat aan my gegee is vir julle, om die boodskap van God volledig te maak:
- 26 daardie geheime wat weggesteek was vir die wêreld en vir generasies, maar nou openbaar is aan Sy afgesonderdes,
- 27 hulle aan wie God besluit het om bekend te maak wat die rykdom van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid onder die ander nasies is, dit is, dié Gesalfde Een wat in julle is, die versekerde verwagting van ons eer, lof en grootheid;
- 28 Hy wie ons verkondig en leer en elke mens onderrig in alle wysheid sodat elke mens volmaak in Yeshua, dié Gesalfde Een, kan staan,
- 29 want hierin werk ek ook hard en stry ek met die hulp van die krag wat vir my gegee word.

- 2** 1 Ek wil hê dat julle moet weet watter groot stryd ek het vir julle en vir die wat in Laodikeia is en vir al die wat my gesig nie in die vlees gesien het nie
- 2 sodat hulle verstand, wil en emosie vertroos en versterk mag word en hulle in liefde nader kan kom aan al die rykdom van die volle versekering en die insig van die kennis van die geheime van God-die-Vader en van dié Gesalfde Een,
- 3 in Hom in Wie al die skatte van wysheid en kennis weggesteek is.
- 4 Dit sê ek sodat niemand julle mag mislei met die oortuiging van woorde nie.
- 5 Alhoewel ek ook liggaamlik afwesig is, is ek by julle in die gees en ek verbly my om julle goeie orde te sien en die standvastigheid van julle vertroue in dié Gesalfde Een.
- 6 Net soos julle daarom dié Gesalfde Een, Yeshua, die Meester, ontvang het, leef so in eenheid met Hom,
- 7 soos julle jul wortels versterk en julle opgebou word in Hom en bevestig word in vertroue. Mag julle met dankbaarheid oorvloedig wees in dit wat julle geleer het.
- 8 Wees versigtig dat niemand julle beroof deur filosofieë en lê misleiding nie; volgens die leringe van mense en volgens die beginsels van die wêreld en nie volgens dié Gesalfde Een nie,
- 9 want in Hom bly die hele volheid van wat God is gesamentlik Yog 14:20; Fil 2:6
- 10 en in Hom is julle ook volledig; Hy wat die Hoof is van elke heerser en outoriteit.
- 11 In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van dié Gesalfde Een. Deut 10:16; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6

- 12 Julle is in die doop saam met Hom begrawe en in dit is julle ook saam opgewek omdat julle vertrou het in die krag van God wat Hom uit die dood uit opgewek het.
- 13 Hy het vir julle, wat dood was deur julle sonde en die onbesnedenheid van julle menslike natuur, lewe gegee saam met Hom en ons al ons sondes vergewe.
- 14 Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgegee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.
- 15 Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self.
- 16 Laat niemand julle daarom oordeel oor eet of oor drink of oor die uitsondering van 'n fees of 'n Nuwemaanfees (Rosh-Hodesh) of Shabbatte nie
- 17 omdat hierdie dinge skaduwees is van die dinge wat sou kom, naamlik die liggaam van dié Gesalfde Een.
- 18 Laat niemand julle oordeel in vals nederigheid van gedagte nie, deur julle ondergeskik te wil stel aan die aanbidding van die engele waardeur hy dinge affei wat hy nie sien nie en sonder oorsaak trots is deur sy gesindheid van die menslike natuur
- 19 en nie vashou aan die Hoof, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en ledemate ondersteun en saamgebind word en groei met God se groei nie,
- 20 want as julle saam met dié Gesalfde Een die beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom leef julle nog asof julle in die wêreld geoordeel word:
- 21 moenie raak nie, moenie proe nie, moenie vashou nie?
- 22 Dit is alles dinge wat vernietig moet word en die opdragte en leringe van mense is
- 23 en van buite lyk of hulle die woorde van wysheid het, in die skyn van nederigheid en aanbidding van God en sonder die spaar van die liggaam; nie in dinge van eer nie, maar in die behoeftes van die liggaam.
- 3** 1 As julle dus saam met dié Gesalfde Een opgestaan het, soek die dinge daarbo waar dié Gesalfde Een is en aan die regterhand van God sit. ^{Ps 110:1; Mat 6:33}
- 2 Word gevoed deur die dinge wat daarbo is, ^{Yog 4:32} nie met dit wat op die aarde is nie,
- 3 want julle is dood en julle lewe is saam met dié Gesalfde Een weggesteek in God.
- 4 Wanneer dié Gesalfde Een, wat ons lewe is, openbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid openbaar word.
- 5 Maak daarom die aardse dele van julle liggaam, naamlik seksuele oortredings, onreinheid, wellus, bese te begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, dood,
- 6 want as gevolg van hierdie dinge kom die woede van God oor Sy ongehoorsame seuns,
- 7 waarin julle ook vroeër geleef het toe julle vasgevang was daarin,
- 8 maar nou moet julle al hierdie dinge afgooi: kwaadword, woede, boosheid, kwaadpraat en vuil taal.
- 9 Moet ook nie vir mekaar lieg nie, gooi af die ou mens en sy dade
- 10 en trek die nuwe aan wat voortdurend in kennis, in die beeld van sy Skepper, nuut gemaak word, ^{Gen 1:26,27}

- 11 waar daar nie Jood en Arameër, besnedene en onbesnedene, Griek en barbaar, of slaaf en vryman is nie, maar dié Gesalfde Een alles en in almal is.
- 12 As hulle wat gekies is deur God daarom afgesonder is, hulle vir wie Hy lief is, trek onverdiende guns, omgee, sagte goedheid, nederigheid, sagtheid en geduld aan.
- 13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klagte het, net soos dié Gesalfde Een julle vergeef het, so moet julle ook vergewe.
- 14 Saam met dit alles, trek die liefde aan wat die band tot volmaaktheid is ^{Efe 3:15-19}
- 15 en die vrede van dié Gesalfde Een sal julle verstand, wil en emosie beheer, waartoe julle geroep is in een liggaam en wees dankbaar teenoor dié Gesalfde Een
- 16 sodat Sy boodskap ryklik in julle kan bly in wysheid. Leer en onderrig mekaar in die Psalms (gedigte met instrumentale musiek), in lofsange en in liedere van die Gees en sing in julle verstand, wil en emosie met dankbaarheid tot God.
- 17 Alles wat julle doen in woord of in daad, doen dit in die Karakter en Outoriteit van ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een en gee dank aan God-die-Vader deur Hom.
- 18 Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam volgens wat reg is in dié Gesalfde Een.
- 19 Mans, julle moet jul vroue liefhê en nie bitter wees teenoor hulle nie.
- 20 Seuns, julle moet julle ouers in alles gehoorsaam wees, want dit stel ons Meester tevrede.
- 21 Vaders, moenie julle seuns kwaad maak sodat hulle nie moedeloos word nie.
- 22 Slawe, julle moet jul meesters na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie net as jy dopgehou word soos hulle wat mense tevrede stel nie, maar in 'n suiwer verstand, wil en emosie en in die respekvolle vrees van יהוה.
- 23 Doen alles wat julle doen vanuit julle hele verstand, wil en emosie soos vir ons Meester en nie vir mense nie
- 24 en weet dat julle van ons Meester 'n beloning sal ontvang deur die erfposisie van יהוה, want julle dien dié Gesalfde Een.
- 25 Wie egter verkeerd doen, sal betaal volgens wat hy verkeerd doen en daar is geen aanneming van die persoon nie. ^{Eks 34:7; Yog 15:2,5,6; 1 Kor 3:12-15}
- 4** 1 Meesters, hanteer julle slawe met gelykheid en regverdigheid omdat julle weet dat julle ook 'n Meester in die hemel het.
- 2 Hou voortdurend aan in gebed, wees waaksaam daarin en gee dank.
- 3 Bid terselfdertyd ook vir ons dat God vir ons die deur van die boodskap sal oopmaak om die geheime van dié Gesalfde Een, vir Wie ek ook in boeie is, te verkondig
- 4 en ek dit openbaar kan maak en praat op die manier waarop dit vir my nodig is.
- 5 Leef in wysheid teenoor die wat buite is en koop julle geleenthede uit.
- 6 Laat julle boodskap altyd met guns wees, met sout voorberei en wees bewus daarvan hoe dit toepaslik is om elkeen te antwoord. ^{Lev 2:13; Num 18:19; Mar 9:49,50}
- 7 Al my omstandighede sal Tugikos, die broer vir wie ons lief is, vertrouenswaardige bedienaar en medeslaaf in יהוה, aan julle vertel.
- 8 Ek het hom hiervoor na julle toe gestuur, om julle omstandighede te ken en om julle verstand, wil en emosie te versterk en te vertroos,
- 9 saam met Onesimos, die vertrouenswaardige broer vir wie ons lief is en wat vanuit julle is en julle alles sal vertel wat met ons gebeur het.

- 10 Aristargos, my medegevangene, stuur vrede vir julle en Markos, die seun van die oom van Bar-Nabba, aangaande wie julle opdragte gekry het, as hy by julle kom, ontvang hom;
- 11 ook Y'hoshua wat Youstos genoem word, manne wat uit die besnydenis is. Hulle alleen is my medewerkers vir die Koninkryk van God en hulle was 'n versterking vir my.
- 12 Epafra, wat een van julle is en wat altyd hard stry vir julle in gebed sodat julle volmaak en perfek mag staan in die volkome wil van God, 'n slaaf van dié Gesalfde Een, stuur vrede vir julle,
- 13 want ek getuig van hom dat hy 'n groot ywer het vir julle en vir dié wat in Laodikeia en die wat in Hierapolis is.
- 14 Luka, die dokter, vir wie ons lief is en Demas stuur vrede vir julle.
- 15 Stuur vrede vir die broers in Laodikeia, vir Numfas en die gemeente wat in sy huis is
- 16 en wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van Laodikeia gelees word en dat julle ook dié wat uit Laodikeia geskryf is, lees.
- 17 Sê vir Argippos: "Onthou die bediening wat jy ontvang het in ons Meester sodat jy dit sal voltooi."
- 18 Hierdie groete is in my eie, wat Sha'ul is, se hand. Onthou my gevangenskap. Die onverdiende guns bly by julle! Dit is waar!

Die twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde
van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in
Thessalonike.

1 Teslunikaya

{ 1 Thessalonisense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is bes moontlik Sha'ul se heel eerste brief aan 'n
gemeente, geskryf vanaf Korinthos teen die einde van 52.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Van Sha'ul, Silvanus en Timoteos aan die gemeente in Thessalonike; in eenheid met God-die-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.
- 2 Ons dank God elke keer vir julle almal en ons word konstant herinner aan julle in ons gebede.
- 3 Ons noem julle dade in die Teenwoordigheid van God-die-Vader: die dade van julle vertrou, die harde werk van julle liefde en die geduld van julle versekerde verwagting ^{1 Kor 13:13} op ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 4 want ons weet dat julle, my broers vir wie God lief is, gekies is
- 5 omdat ons verkondiging van die goeie boodskap nie alleen in woord na julle toe gekom het nie, maar ook in wonderwerkende krag, in die Gees wat Afgesonderd is en in volle oortuiging, soos wat julle weet hoeveel ons om julle ontwil gedoen het, toe ons tussen julle was.
- 6 Julle het ons en ons Meester nagevolg deurdat julle die boodskap, te midde van baie vervolging, ontvang het met die blydschap van die Gees wat Afgesonderd is.
- 7 Julle was 'n voorbeeld vir al dié wat vertrou in Makedonia en Agaia,
- 8 want vanuit julle is die boodskap van ons Meester gehoor, nie alleen in Makedonia en Agaia nie, maar ook op elke plek waar julle vertrou in God bekend geword het sodat ons nie nodig het om iets van julle te sê nie,
- 9 want hulle vertel self aangaande ons watter ontvangs ons by julle gehad het en hoe julle na God toe gedraai is, weg van die vrees van afgode af, om die lewende en ware God te dien
- 10 terwyl julle Sy Seun uit die hemel verwag, ^{Dan 7:13} Yeshua, wat Hy uit die dood uit opgewek het. Hy is die Een wat ons verlos van die toorn wat kom.
- 2 1 Julle weet self, my broers, dat ons koms na julle toe nie vir niks was nie,
- 2 maar eerstens het ons, soos julle weet, in Filippij gely en is mishandel en toe het ons te midde van 'n groot stryd met die vrymoedigheid van ons God aan julle die goeie boodskap van dié Gesalfde Een verkondig,
- 3 want ons versterking en vertroosting was nie vanuit misleiding of vanuit onreinheid of in bedrog nie,
- 4 maar net soos toe ons deur God goedgekeur is en vertrou is met Sy goeie boodskap, so praat ons, nie om mense tevrede te stel nie, maar God, wat ons denke, wil en emosie toets,
- 5 want soos julle weet, praat ons ook nooit met vleitaal of met uiterlike uitbuitery nie. God is getuie.
- 6 Ons het ook nie eer en lof van mense gesoek, wanneer ons wel as afgevaardigdes van dié Gesalfde Een vereer kon word nie; nie van julle en ook nie van ander nie,
- 7 maar ons was nederig onder julle. Soos 'n moeder haar seuns versorg,
- 8 net so het ons na julle verlang en nie net goed gedink om met julle die goeie boodskap van God te deel nie, maar ook ons eie lewe omdat ons vir julle lief is.
- 9 Julle onthou, broers, dat ons gearbei het en nag en dag hard gewerk het met ons hande om nie 'n las op enige een van julle te lê nie.

- 10 Julle is saam met God getuies, hoe ons die goeie boodskap van God aan julle verkondig het; suiwer en regverdig, sonder fout teenoor almal wat vertrou.
- 11 Net soos julle weet, hoe ons by elkeen van julle, net soos 'n vader by sy seuns, gepleit het, julle verstand, wil en emosie vol gemaak het en julle versoek het
- 12 om, soos dit gepas is, vir God te leef; Hy wat julle na Sy Koninkryk en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid geroep het.
- 13 Ook as gevolg hiervan dank ons God sonder ophou dat julle die boodskap van God, wat julle van ons af ontvang het, nie ontvang het as die boodskap van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die boodskap van God wat ook deur dae werk in julle wat vertrou.
- 14 Julle, my broers, het egter navolgers geword van die gemeentes van God wat in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, in Y'hudah is omdat julle ook dieselfde dinge gely het onder julle eie volksgenote, net soos hulle gely het onder die inwoners van Y'hudah,
- 15 die wat ons Meester, Yeshua en hulle eie profete vermoor het, ons vervolg het, God nie tevrede stel nie en alle mense teëstaan,
- 16 want hulle verbied ons om met die ander nasies te praat sodat hulle kan lewe. Hulle sondes word op die manier volledig gemaak, maar die toorn sal oor hulle kom tot die einde toe.
- 17 Ons, my broers, was 'n kort tydjie van julle af weg in persoon, nie in denke, wil en emosie nie en ons het al hoe meer moeite gedoen om julle in baie liefde te sien
- 18 en het begeer om na julle toe te kom. Ek Sha'ul, meer as een maal, maar die teëstander het my verhinder.
- 19 Wie anders as julle is ons versekerde verwagting en blydschap, of die kroon van ons lof en eer in die Teenwoordigheid van ons Meester, Yeshua, by Sy koms?
- 20 Julle is ons eer, lof en blydschap.

- 3** 1 Omdat ons dit nie weerstaan het nie, het ons gekies om alleen in Athenai agter te bly
- 2 en ons het Timoteos, ons broer en bedienaar van God en ons medewerker in die goeie boodskap van dié Gesalfde Een, gestuur om julle te versterk en navraag te doen by julle aangaande julle vertrou
- 3 sodat niemand van julle versekerde verwagting mag verloor deur sulke lyding nie, want julle is bewus daarvan dat dit hiervoor is dat ons aangestel is,
- 4 want ook toe ons by julle was, het ons julle vooruit gesê dat ons vervolg sal word, soos julle weet dit ook gebeur het.
- 5 As gevolg hiervan het ek nie teruggehou om na julle te stuur en te hoor van julle vertrou nie sodat die Versoeker julle nie toets en ons harde werk waardeloos sou wees nie,
- 6 maar nou, sedert Timoteos van julle af by ons aangekom het en ons goeie nuus aangaande julle vertrou en liefde gegee het en dat julle altyd 'n goeie herinnering aan ons het en begeer om ons te sien, net soos ons ook vir julle,
- 7 is ons deur julle, broers, versterk en vertroos oor al ons teëspoed en smart as gevolg van julle vertrou,

- 8 want nou leef ons, as julle sal vasstaan in ons Meester,
9 want watter dank kan ons namens julle aan God betaal, vir al die blydschap waarmee ons ons verbly om julle ontwil,
10 behalwe dat ons nag en dag al hoe ernstiger voor God bid om julle gesigte te sien en te voltooi wat aan julle vertrouwe kortkom,
11 maar God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een sal ons pad na julle toe rig.
12 Mag Hy julle liefde vir mekaar en vir almal vermeerder en vergroot, soos ons julle lief het
13 en mag Hy julle verstand, wil en emosie versterk om onberispelik te wees in afgesonderdheid in die Teenwoordigheid van God-ons-Vader by die koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat saam met al Sy afgesonderdes is.
- 4** 1 My broers, ons vra daarom van julle en bid ernstig vir julle in ons Meester, Yeshua, dat julle al hoe meer mag groei, soos julle van ons ontvang het hoe julle moet leef en God tevrede stel,
2 want julle weet watter opdragte ons julle in ons Meester, Yeshua gegee het,
3 want dít is die wil van God: julle afgesonderdheid, dat julle moet wegbly van alle seksuele oortredings
4 en dat elkeen van julle sal weet hoe om sy liggaam te besit in afgesonderdheid en eer,
5 nie in hartstogtelike begeertes soos die ander nasies wat God nie ken nie.
6 Niemand moet hierin te ver gaan en sy broer bedrieg nie, omrede ons Meester die Wreker is van al hierdie dinge, net soos ons vroeër vir julle gesê en getuig het,
7 want God het julle nie tot onreinheid geroep nie, maar tot afgesonderdheid.
8 Gevolglik, wie ook al bedrieg, bedrieg nie 'n mens nie, maar vir God wat Sy Gees wat Afgesonderd is in julle gee.
9 Aangaande die liefde vir die broers het julle nie nodig dat ons vir julle skryf nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê
10 en julle doen dit ook aan al die broers in die hele Makedonia, maar ons versoek julle, broers, om meer oorfloedig te wees.
11 Wees ywerig daarin om vredevol te wees en julle eie dinge te doen en met julle eie hande te werk, net soos ons julle beveel het
12 sodat julle ordentlik kan leef teenoor die wat buite is en nie van iemand afhanklik is nie.
13 Broers, ek wil hê dat julle moet weet dat julle nie moet rou oor die wat dood is soos die res van die mensdom wat geen versekerde verwagting het nie,
14 want as ons vertrou dat Yeshua gesterf en opgestaan het, dan net so, dat God die wat in Yeshua dood is, saam met Hom bring,
15 want dit sê ons vir julle na aanleiding van die boodskap van ons Meester, dat ons wat in die lewe oorbly wanneer ons Meester kom, die wat dood is, nie sal vóór wees nie,
16 want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met 'n bevel, met die stem van die hoof boodskapper en met die geklank van die trompet van God en dié wat in dié Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan

17 en dan sal ons wat nog in die lewe is, saam met hulle as een in die wolke ingedra word na 'n ontmoeting met ons Meester in die lug en op die manier sal ons vir altyd by ons Meester wees.

18 Versterk mekaar daarom met hierdie boodskap.

5 1 Aangaande die tye en seisoene, my broers, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie,

2 want julle weet self goed dat die dag van **יהוה** kom ^{'Amo 5:18-20; Tz'f 1:7,14} net soos 'n dief in die nag. ^{Mar 13:35; 2 Kef 3:10; Open 3:3}

3 Wanneer hulle sal sê: "Daar is vrede en stilte," dan sal 'n onverwagte vernietiging op hulle afkom soos geboortepyne op 'n swanger vrou ^{Yes 13:6-8} en hulle sal nie ontsnap nie,

4 maar julle, broers, is nie in die duister nie sodat dié dag julle nie soos 'n dief sou oorval nie.

5 Julle is almal seuns van die lig en seuns van die dag en julle is nie seuns van die nag en ook nie seuns van die duisternis nie.

6 Laat ons daarom nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waaksaam en nugter wees, ^{Efe 5:14}

7 want die wat slaap, slaap in die nag en die wat dronk is, is in die nag dronk,

8 maar ons wat van die seuns van die dag is, laat ons waaksaam in ons gedagtes wees; trek voortdurend die borsplaat van vertroue en liefde aan en die helm van die versekerde verwagting van lewe, ^{Yes 59:17}

9 want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die lewe te verkry in ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een;

10 Hy wat in ons plek gesterf het sodat ons, of ons lewe en of ons doodgaan, in eenheid met Hom kan lewe.

11 As gevolg hiervan, versterk en vertroos mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.

12 Ons smeeke julle broers, erken dié onder julle wat hard werk, julle voorgangers in ons Meester is en julle leer

13 en beskou hulle, wat onder julle werk, in groter liefde, met die hoogste agting. Leef in vrede met hulle,

14 maar ons smeeke julle, broers, korregeer dié wat verkeerd doen, moedig die wat swak van gees is aan, dra die laste van die swakkes en wees geduldig teenoor almal.

15 Pas op dat niemand aan 'n ander boosheid terugbetaal vir boosheid nie, maar jaag altyd ná wat goed is, teenoor mekaar asook teenoor almal.

16 Verbly julle altyd.

17 Bid sonder ophou. ^{Ps 71:14}

18 Gee dank in alles, want dit is die wil van God, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle.

19 Blus die Gees nie uit nie.

20 Verwerp nie profesieë nie.

21 Ondersoek alle dinge en hou vas wat uitstekend is.

22 Vlug weg van elke ding wat boos is

23 en Hy, die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, sal julle almal volkome afsonder en julle volkome, (gees, verstand, wil, emosie en liggaam) geheel en al foutloos beskerm tot by die koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!

24 Hy wat julle geroep het, is vertrouenswaardig; dit is Hy wat dit sal doen.

25 My broers, bid vir ons.

26 Stuur vrede vir al ons broers met 'n afgesonderde soen.

27 Ek bind julle deur 'n belofte in ons Meester dat hierdie brief aan al die afgesonderde broers gelees sal word.

28 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle! Dit is waar.

Die een-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde
van Yeshua, dié Gesalfde Een, aan die gemeente in
Thessalonike.

2 Teslunikaya

{ 2 Thessalonisense }

(Geskryf aan gemeentes wat in huise bymekaargekom het.)

Dit is kort na die eerste brief, in 52-53, vanaf Korinthos
geskryf .

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Van Sha'ul, Silvanus en Timoteos aan die gemeente van die Thessalonisense wat in eenheid met God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een is:
- 2 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 3 Ons is dit verskuldig om God elke keer aangaande julle te dank, my broers, soos wat nodig is omdat julle vertrou al hoe meer groei en julle almal se liefde, elkeen teenoor mekaar, groter word,
- 4 vanweë jul vertrou en volharding, te midde van al julle vervolginge en die lyding wat julle deurgaen, waaroor ons self oor julle roem in die gemeentes van God,
- 5 as 'n demonstrasie van die regverdige oordeel van God: dat julle die Koninkryk van God, waarvoor julle ook ly, waardig mag wees
- 6 en as dit reg is in die oë van God, sal Hy dié wat julle lyding gee, met lyding beloon
- 7 en julle wat lyding ontvang, saam met ons, sal lewe ontvang vanuit die hemel met die leermag van Sy engele, deur die openbaarmaking van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een,
- 8 wanneer Hy in 'n brandende vuur, vergelding uitvoer op hulle wat nie met God 'n verbondsverhouding het nie en op hulle wat die goeie boodskap van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een nie erken het nie; Yes 66:15; Yir 10:25; Ps 79:6
- 9 hulle sal met die oordeel van 'n ewige vernietiging, weg van die gesig van die Meester en van Sy kragtige Gemanifesteerde Teenwoordigheid af, gestraf word
- 10 op daardie dag wanneer Hy kom om eer, lof en goedheid te ontvang van Sy afgesonderdes en Sy wonders, in hulle wat Hom vertrou, te wys, want julle het ons getuienis teenoor julle vertrou.
- 11 As gevolg hiervan bid ons ook elke keer vir julle dat God julle waardig mag ag aan julle roeping en dat Hy julle volledig maak in die plesier van goedheid en die dae van vertrou in wonderwerkende krag
- 12 sodat die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, volgens die onverdiende guns van ons God en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, in julle vereer en geloof kan word en julle in Hom.
- 2 1 Ons vra julle, my broers, aangaande die koms van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en aangaande ons bymekaarkoms by Hom,
- 2 om nie gou in julle gedagtes geskud te word nie; ook nie omgekrap te word deur boodskap of gees of brief wat, asof van ons af, sou kom dat naamlik, let op, die dag van dié Gesalfde Een reeds aanbreek het nie.
- 3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie omdat 'n opstand eers moet kom en die man van sonde eers openbaar moet word, die seun van vernietiging,
- 4 die teëstander wat homself hoër lig bo elke ding wat god genoem word of 'n voorwerp van aanbidding is, net soos hy in die tempel van God as god sal sit en voorgee dat hy God is. Yeg 28:2; Dan 8:11,23-25
- 5 Onthou julle nie dat ek hierdie dinge vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?
- 6 Nou weet julle wie beheer sodat hy op sy aangewese tyd openbaar kan word,

- 7 want die geheime van die wetsoortreders is alreeds aktief aan die werk, net totdat hy wat nou beheer, verwyder word
- 8 en dan sal die Wettelose openbaar word; hy wat met die asem van ons Meester, Yeshua se mond ^{Yes 11:4; Iyov 4:9; Open 19:21} vernietig sal word en deur die openbaring van Sy koms tot niet gemaak sal word.
- 9 Die koms van dié een is volgens die werking van die teëstander, in elke vals krag, tekens en wonderwerke
- 10 en met elke misleiding van boosheid in wat vernietig word, want hulle het nie die liefde vir die waarheid aanvaar waarin hulle lewe sou hê nie.
- 11 God het daarom vir hulle die effektiewe werking van die misleiding gestuur dat hulle die leuen sal glo. ^{2 Kor 4:3,4}
- 12 Almal wat nie vertrou het in die waarheid nie, maar boosheid gekies het, sal geoordeel word.
- 13 Ons is dit verskuldig om God te alle tye vir julle te dank, my broers vir wie ons Meester lief is, dat God julle van die begin af gekies het tot lewe, in die afgesonderdheid van die Gees en in vertroue van die waarheid,
- 14 waartoe Hy julle geroep het deur ons verkondiging van die goeie boodskap om die eer en lof van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een te wees.
- 15 Wees daarom standvastig, my broers en hou vas aan die opdragte wat julle geleer het of in die boodskap of in 'n brief van ons.
- 16 Mag ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en God-ons-Vader, wat ons lief het en vir ons 'n ewige troos en versterking en 'n goeie versekerde verwagting in onverdiende guns gegee het,
- 17 julle verstand wil en emosie versterk en vertroos en mag Hy in elke woord en goeie daad wees!

- 3** 1 Van nou af, broers: bid vir ons dat die boodskap van ons Meester mag voort hardloop en op elke plek vereer en geloof mag word net soos by julle
- 2 en dat ons gered sal word van bese en wrede mense, want nie almal vertrou nie,
- 3 maar יהוה is vertrouwenswaardig - Hy wat julle sal beskerm en julle sal bevry van boosheid.
- 4 Ons vertrou op julle in ons Meester, dat julle alles gedoen het en ook sal doen dit wat ons julle beveel het.
- 5 Ons Meester sal julle verstand, wil en emosie lei in die verkondiging van die goeie boodskap van dié Gesalfde Een tot binne-in die liefde van God in!
- 6 Ons beveel julle, my broers, in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, dat julle jul afskei van elke broer wat sleg en boos leef en nie volgens die opdragte wat hulle van ons ontvang het nie,
- 7 want julle weet self dat dit reg is om ons na te volg, want ons het nie sleg en boos onder julle geleef nie;
- 8 ons het ook nie brood by iemand verniet geëet nie, maar ons het met harde werk en inspanning nag en dag gewerk om niemand van julle tot las te wees nie.
- 9 Nie dat ons nie die outoriteit het nie, maar om deur ons lewe vir julle 'n voorbeeld voor te hou sodat julle ons kan navolg,

- 10 want ook toe ons by julle was, het ons julle dit beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie,
- 11 want ons hoor dat sommige onder julle sleg en boos leef, dat hulle geen werk doen nie, net mooi niks nie!
- 12 Aan sulke mense beveel en versoek ons deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, om stil te werk en hulle eie brood te eet,
- 13 maar julle, my broers, moenie moeg word om wat uitstekend is te doen nie.
- 14 As iemand nie gehoorsaam is aan ons boodskap in hierdie brief nie, skei hom van julle af en hou geen gemeenskap met hom nie sodat hy skaam kan word
- 15 en beskou hom nie as 'n vyand nie, maar waarsku hom as 'n broer.
- 16 Hy, die Meester van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee altyd vir julle elkeen vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid! Ons Meester is in alles by julle almal! ^{Yog 14:27}
- 17 Groete, met my eie hand wat 'n teken is in elke brief: van Sha'ul. Dit is hoe ek skryf.
- 18 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by julle almal, my broers! Dit is waar.

Die twee-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die eerste brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van
Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Timoteos.

1 Timoteos

{1 Timotheüs}

(Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul en 'n jong
gemeenteleier.)

Dit is in 66-67 vanaf Makedonia geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, volgens die opdrag van God, ons Lewegewer en dié van dié Gesalfde Een, ons Meester, Yeshua, ons Versekerde Verwagting;
- 2 aan Timoteos, 'n seun in ware vertroue: onverdiende guns, omgee, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God-ons-Vader en dié Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester!
- 3 Soos ek jou gevra het toe ek na Makedonia op pad was, moet jy in Efesos wag om sekere persone te beveel dat hulle nie 'n ander leer moet leer nie
- 4 en nie moet toegee aan fabels en aan eindelose verslae van geslagsregisters, wat net al hoe meer stryd produseer en nie opbouing in die vertroue tot God nie.
- 5 Die einddoel van die opdragte is liefde wat uit 'n rein verstand, wil en emosie, 'n goeie gewete en ware vertroue kom.
- 6 Sommige van hulle het afgedwaal van hierdie dinge af en na leë woorde toe weggedraai.
- 7 Daarin wil hulle leraars van die geskrewe wet wees terwyl hulle niks verstaan wat hulle sê, of die dinge waaroor hulle praat, nie.
- 8 Ons weet dat die geskrewe wet goed is ^{Yes 42:21; Ps 19:8,9; Rom 7:12,16} as iemand toelaat om volgens die geskrewe wet gelei te word
- 9 en terwyl hy weet dat die geskrewe wet nie aangestel is vir die onskuldige nie, maar vir die wettelose, vir die rebelse, vir die slegte, vir die sondears, vir die wrede mense, vir dié wat nie rein is nie, vir die wat hulle vaders en hulle moeders slaan, vir moordenaars,
- 10 vir seksuele oortreders, vir mans wat by mans lê, ^{Lev 18:22,23; 20:13; Rom 1:26; 1 Kor 6:9} vir dié van seuns wat vry is, vir leuenaars, vir hulle wat 'n eed verbreek en vir enige een wat die gesonde leer
- 11 van die goeie boodskap van die eer, lof en aanbidding tot die geseënde God, waarmee ek toevertrou is, teëstaan.
- 12 Ek dank Hom wat my in staat gestel het, ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een, wat my vertrouenswaardig geag en in Sy bediening aangestel het;
- 13 vir my wat vroeër 'n kwaadprater, 'n vervolger en 'n belediger was, maar ek het omgee ontvang omdat ek in ongeloof nie verstaan het wat ek doen nie,
- 14 maar in my was die onverdiende guns van ons Meester oorvloedig saam met vertroue en liefde wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is.
- 15 Dit is 'n vertrouenswaardige boodskap en waardig om aanvaar te word, dat Yeshua, dié Gesalfde Een, na die wêreld gekom het om sondears te red, van wie ek die voorste is,
- 16 maar daarom is aan my omgee bewys sodat Yeshua, dié Gesalfde Een, eerstens in my al die langdurige geduld van Sy Gees sou wys, as voorbeeld vir hulle wat in Hom sal vertrou tot die ewige lewe. ^{Yog 16:13}
- 17 Aan die Koning van die uitpansel, aan Hom wat onvernietigbaar is en nie gesien word nie, Wat een God is, kom toe die waardigheid, die eer, lof en aanbidding vir tydlose ewigheid. Dit is waar!

18 Hierdie mandaat gee ek aan jou, my seun Timoteos, volgens die profesieë wat vroeër aangaande jou gebring is sodat jy daardeur die goeie geveg

19 met vertroue en 'n goeie gewete kan baklei. Hulle wat hierdie verwerp het, is leeg gemaak van vertroue,

20 soos Humenaios en Alexandros, wat ek aan die teëstander oorgegee het sodat hulle gedissiplineer kan word om nie kwaad te praat nie.

2 1 Ek vra daarom eerste van alles dat versoeke, gebede, intredes en dankgebede gedoen moet word vir alle mense;

2 vir konings en heersers sodat ons 'n stil en rustige lewe kan leef, in alle eerbied en respek tot God, in reinheid, ^{Yir 29:7; Mat 22:19-21; 1 Kef 2:13; Rom 13:1-6}

3 want dit is goed en aanvaarbaar voor God, ons Lewegewer,

4 wat wil hê dat alle mense lewe sal hê ^{Yeg 18:23} en sal terugkeer na die kennis van die waarheid,

5 want God is een ^{Deut 6:4} en die Middelaar tussen God en die mense, die Mens, Yeshua, dié Gesalfde Een, is een. ^{Mat 2:22}

6 Hy wat Homself gegee het as 'n Losprys vir elke persoon; 'n Getuienis wat op die bepaalde tyd gekom het,

7 waarvan ek aangestel is as verkondiger en afgevaardigde; ek praat die waarheid, ek lieg nie, dat ek die leermeester van die ander nasies in vertroue van die waarheid is.

8 Ek wil daarom hê dat die mans op elke plek moet bid en afgesonderde, rein hande oplig sonder woede en komplote. ^{Yes 1:15}

9 So ook moet die vrou hulleself versier met fatsoenlike, kuis klere. In skugterheid en fatsoenlikheid sal hulle versiering wees, nie in vlegsels of goud of pêrels of in mooi klere nie,

10 maar in goeie dade, soos dit by vroue pas wat bely om God te aanbid.

11 Laat 'n vrou in stilte leer in alle gehoorsaamheid,

12 want ek laat die vrou nie toe om lering te gee ^{Open 2:20} óf oor die man outoriteit te neem nie, maar sy moet stil wees,

13 want Adam is eerste gevorm, daarna Havah

14 en Adam is nie mislei nie, maar die vrou is mislei en het die opdrag oortree,

15 maar sy lewe deur haar kinders, as hulle voortgaan in vertroue, liefde, afgesonderdheid en fatsoenlikheid.

3 1 Dit is 'n vertrouenswaardige boodskap: as iemand na gemeenteleierskap (as oudste) verlang, begeer hy 'n goeie werk.

2 'n Oudste moet: onberispelik wees, die man van een vrou, van waaksame verstand, nugter, met goeie optrede, gasvry, 'n leermeester;

3 nie oortree aangaande wyn nie, nie vinnig om te slaan nie, maar sag; nie twissoekerig of lief vir geld nie;

4 wat sy eie huis goed regeer en sy seuns in gehoorsaamheid hou in alle reinheid,

5 want as iemand nie weet hoe om sy eie huis te regeer nie, hoe kan hy die gemeente van God lei?

- 6 Hy moet ook nie 'n nuwe studentevolging wees nie sodat hy nie trots word en in dieselfde oordeel as die teëstander val nie, Deut 17:20; Yes 14:13-14; Yeg 28:1-19
- 7 maar hy moet ook 'n goeie getuienis hê vanaf buitestaanders sodat hy nie in skande en in die strik van die teëstander val nie.
- 8 Net so moet die wat bedien, rein wees, nie uit twee monde praat nie, nie geneig wees na baie wyn nie, nie onrein rykdom liefhê nie,
- 9 maar wat die geheim van die vertroue in 'n skoon gewete vashou.
- 10 Hulle moet ook eers getoets word; dan, as hulle onberispelik is, laat hulle bedien.
- 11 Net so moet die vroue fatsoenlik wees, waaksaam in hulle gedagtes, vertrouenswaardig in alles en nie lasteraars (skinderaars) wees nie.
- 12 Die bedienaars moet mans van een vrou wees en hulle seuns en eie huis goed regeer, Tit 1:6-9
- 13 want die wat aanhou om goed te bedien, koop vir hulleself 'n eervolle plek en baie vrymoedigheid in die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 14 Ek skryf vir jou hierdie dinge in die verwagting om gou na jou toe te kom,
- 15 maar as ek vertraag word, dat jy kan weet hoe iemand moet leef in die huishouding van God, wat die gemeente is van die lewende God; die pilaar en fondasie van die waarheid.
- 16 Waarlik groot is hierdie Geheimenis van onpartydige opregtheid, wat openbaar is in die vlees, onskuldig verklaar is in die Gees, verskyn het aan engele, verkondig is onder die nasies, vertrou is in die wêreld en Hy het opgegaan in eer, lof en grootheid.
- 4** 1 Die Gees sê duidelik dat hulle in die laaste dae een vir een die vertroue sal verlaat en na misleidende geeste en leringe van demone sal luister;
- 2 dié wat in valse vorm mislei, leuens vertel en hulle gewete skroei.
- 3 Hulle verbied om te trou en ónthou hulle van kos wat God geskep het om met dankbaarheid gebruik te word deur dié wat vertrou en die waarheid ken,
- 4 want elke ding wat deur God geskep is, is goed en niks is verwerplik as dit met dankbaarheid ontvang word nie,
- 5 want dit word afgesonder deur die boodskap van God en gebed.
- 6 As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy 'n goeie bedenaar van Yeshua, dié Gesalfde Een wees, soos jy grootgemaak is met boodskappe van vertroue en met goeie leringe wat aan jou geleer is.
- 7 Bly weg van ouvroustories en oefen jouself in onpartydige opregtheid,
- 8 want liggaamlike oefening is vir nou 'n bietjie voordelig, maar onpartydige opregtheid is voordelig vir alles en dit het 'n belofte van lewe, vir nou en vir die tyd wat kom.
- 9 Dit is 'n vertrouenswaardige boodskap en waardig om aanvaar te word.
- 10 As gevolg hiervan werk ons ook hard en word ons verwyt omdat ons 'n versekerde verwagting het op die lewende God wat die Lewegewer is van alle mense, spesifiek van dié wat vertrou.
- 11 Beveel en leer hierdie dinge.

12 Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die wat vertrou: in boodskap, in optrede, in liefde, in vertroue en in reinheid.

13 Totdat ek kom, wees ywerig in lees, in gebed en in lering.

14 Verwaarloos nie die gawe, deur profesie en die handoplegging van die oudstes aan jou gegee, wat in jou is nie.

15 Oordink hierdie dinge, leef in hierdie dinge sodat jy aan almal, voor wie jy kom, bekend kan wees.

16 Gee aandag aan jouself en jou leer en volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy en dié wat jou hoor, lewe.

5 1 'n Ouer man moet jy nie bestraf nie, ^{Lev 19:32} maar versoek hom soos 'n vader, die wat jonk is, soos jou broers,

2 ouer vroue, soos moeders en die wat jonger is, soos jou susters in alle reinheid.

3 Eer die weduwees wat werklik weduwees is

4 en as 'n weduwee seuns of kleinseuns het, moet hulle verstaan dat hulle eerste teenoor hulle eie huis verantwoordelik moet wees en dat hulle aan hulle ouers moet betaal, want dit is aanvaarbaar in die Teenwoordigheid van God.

5 Die werklike weduwee wat alleen gelaat is, se verwagting is van God en volhard in gebede en versoeke, nag en dag. ^{Yir 49:11}

6 Sy wat die arena aanbid (oorgegee is aan plesier), is dood terwyl sy lewe.

7 Beveel hierdie dinge aan hulle sodat hulle onberispelik kan wees,

8 maar iemand, veral iemand wat deel is van dié wat vertrou, wat nie vir sy eie huisgenote sorg nie, het die vertroue verwerp en is slegter as 'n ongelowige.

9 'n Weduwee van nie minder as sestig jaar oud nie, word gekies, wat die vrou van een man was

10 en getuienis het van goeie dade, as sy haar seuns grootgemaak het, gasvry was, die afgesonderdes versorg het, dié met moeilikheid gehelp en in elke goeie daad geleef het,

11 maar jy moet die jong weduwees wegwys, want hulle skei af van dié Gesalfde Een en begeer om te trou.

12 Hulle oordeel is vas omdat hulle hul eerste vertroue verwerp het,

13 maar hulle leer ook ledigheid deur van huis tot huis rond te gaan en nie alleen luiheid nie, maar ook vermeerderde praterij en die bespreking van nietighede en praatjies wat nie toepaslik is nie;

14 daarom wil ek hê dat die jong weduwees moet trou, seuns kry, hulle huise administreer en die teëstanders geen geleentheid gee om kwaad te praat nie,

15 want tot nou toe het hulle alreeds een vir een afgedraai agter die teëstander aan.

16 As 'n man of vrou wat vertrou, se familie weduwees het, moet dié hulle help en laat die gemeente nie belas word nie sodat hulle genoeg het om die wat waarlik weduwees is, te help.

17 Oudstes wat goed regeer, verdien dubbele eer, veral die wat hard werk in die boodskap en in lering,

18 want die Skrif sê: “Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie” ^{Deut 25:4} en: “Die werker verdien sy beloning.” ^{Luk 10:7; 1 Kor 9:9; Gal 6:6}

19 Moenie 'n klagte teen 'n oudste aanvaar nie, behalwe op die getuienis van twee of drie. Deut 17:6; Deut 19:15

20 Bestraf die wat sondig voor almal sodat die ander ook kan vrees.

21 Ek getuig tot jou voor God en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en Sy gekose boodskappers, dat jy hierdie dinge gehoorsaam en laat jou gedagtes in niks bevooroordeel wees nie en doen niks uit aanvaarding van mense nie.

22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie en moet ook nie deel in die sondes van vreemdelinge nie. Hou jouself rein.

23 Moet van nou af aan nie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou kroniese siekte.

24 Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit na die oordeel, maar die van ander volg eers agterna.

25 Net so ook is die goeie werke baie duidelik en selfs die wat nie is nie, kan nie 'n geheim bly nie.

6 1 Almal wat slawe is onder 'n juk, moet hulle eie meesters in alle eer hou sodat die Karakter en Outoriteit van God en die leer nie kwaad van gepraat word nie,

2 maar die wat meesters het wat vertrou, moet hulle nie verag omdat hulle broers is nie, maar moet hulle eerder dien omdat hulle vertrou en die wat hulle verfris deur hulle diens, geliefdes is. Leer en versoek hierdie dinge van hulle.

3 As daar enige persoon is wat iets anders leer en nie saamstem met die gesonde boodskap van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een en die leer aangaande die respekvolle vrees van God nie,

4 is hy trots en verstaan niks nie, maar is oneffektief in verskille en debatte waaruit jaloesie, twis, kwaadpraat en versterking van 'n bouse verstand

5 en ellende van mense, wie se verstand korrupt en van die waarheid beroof is en dink dat geldmaak aanbidding tot God is, kom; bly weg van hierdie dinge.

6 Ons voordeel uit die aanbidding van God is groot in dit wat nodig is, want ons het genoeg,

7 want ons het niks in die wêreld ingebring nie en ons weet dat ons ook niks daaruit kan uit vat nie; Ps 49:17-18; Iyov 1:21

8 daarom is kos en klere vir ons genoeg, Spr 30:8

9 maar die wat begeer om ryk te wees, word oorweldig deur versoekings en toetsinge en dwase en bouse begeertes en Spr 23:4 mense sink weg in korrupsie en in vernietiging,

10 want die wortel van al hierdie booshede is die liefde vir geld. Daar is sommige wat dit begeer het, van die vertrouwe afgedwaal het en vir hulleself baie smarte gebring het, Mat 6:24

11 maar jy, o man van God, ontsnap vanuit hierdie dinge en hardloop na onpartydige opregtheid, na regverdigheid, na vertrouwe, na liefde, na volhardende geduld en na nederige sagtheid.

12 Veg in die goeie geveg van vertrouwe en gryp na die ewige lewe; die dinge waartoe jy ook geroep is en 'n goeie goeie belydenis wat jy verklaar het voor baie getuies.

13 Ek getuig teenoor jou voor God, wat aan alle dinge lewe gee en voor Yeshua, dié Gesalfde Een, wat voor Pontios Pilatos die goeie getuienis getuig het,

- 14 dat jy die opdragte onbevlek en onberispelik uitvoer tot by die openbaring van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een;
- 15 Hy wat op Sy eie bepaalde tyd deur God openbaar sal word: die Geseënde Een, die Magtige Een, die Enigste Een, die Koning van die konings en die Meester van krag, ^{Deut 10:17}
- 16 Hy wat alleen onsterflik is en in 'n ontoeganklike lig bly, wat geen mens gesien het of kan sien nie; ^{Eks 33:18-23} Hom aan Wie eer en outoriteit vir 'n tydlose ewigheid behoort. Dit is waar!
- 17 Beveel die wat in dié wêreld ryk is om nie trots te wees nie en om ook nie hulle vertroue te plaas op die onsekerheid van rykdom nie, maar op die lewende God wat aan ons alles ryklik gee vir ons vertroosting en versterking
- 18 en hulle moet goeie daade doen en ryk wees in goeie daade, gereed wees om te gee en te deel
- 19 en hulle sal vir hulleself 'n goeie fondasie lê vir die toekoms sodat hulle die ware lewe mag aangryp.
- 20 O! Timoteos, bewaar wat aan jou toevertrou is en ontvlug van die dogters met die leë stemme (onafgesonderde en nuttelose gepraat) en van die verdraaiings van valse kennis,
- 21 want die wat dit verkondig het, het self van die vertroue af weggedwaal. Onverdiende guns bly by jou!
Dit is waar!

Die drie-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die tweede brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van
Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Timoteos.

2 Timoteos

{2 Timotheüs}

(Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul en 'n jong
gemeenteleier.)

Dit is tydens Sha'ul se gevangenskap in 68 vanaf Rome
geskryf en afgelewer deur Tigikos.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, deur die wil van God en deur die belofte van Lewe, wat in Yeshua, dié Gesalfde Een, is. ^{Yog 10:9,10; 11:25,26; 2 Tim 1:9,10}
- 2 Aan Timoteos, my seun, vir wie ek lief is: onverdiende guns, liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vanaf God-die-Vader en vanaf ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
- 3 Ek dank God, wat ek van my voorouers af in 'n skoon gewete aanbid. Nag en dag onthou ek jou, onophoudelik, in my gebede
- 4 en ek begeer om jou te sien as ek aan jou trane dink sodat ek vol blydschap kan wees.
- 5 Ek word herinner aan die opregte vertroue wat in jou is, wat eers in jou ouma Loïs en in jou moeder Eunike was en wat ek oortuig is, ook in jou is.
- 6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die gawe van God op te wek wat, deur die oplegging van hande, in jou is,
- 7 want God het ons nie 'n Gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en dissipline.
- 8 Skaam jou daarom nie oor die getuienis van ons Meester en ook nie oor my, sy gevangene nie, maar raak slaags met die bose, deur die krag van God; ^{Yir 1:17; Ya'a 4:7; Efe 6:10}
- 9 Hy wat vir ons Lewe gegee het en ons geroep het met 'n afgesonderde roeping, (nie volgens ons dade nie, maar volgens Sy wil en die onverdiende guns wat van voor die tyd van die wêreld af, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een, aan ons gegee is ^{Yog 10:9,10; 11:25,26; 2 Tim 1:1,10}
- 10 en wat nou openbaar is deur die openbaring van ons Lewegewer, Yeshua, dié Gesalfde Een, wat die dood waardeloos gemaak het en die Lewe en die onvernietigbaarheid gewys het deur die goeie boodskap;) ^{Yog 10:9,10; 11:25,26; 2 Tim 1:1,9}
- 11 Hy deur Wie ek aangestel is as verkondiger, afgevaardigde en leermeester van die ander nasies.
- 12 Om hierdie rede verduur ek ook hierdie dinge en skaam ek my nie, want ek weet in Wie ek vertrou en ek is oortuig dat Hy in staat is om my vertroue te bewaar tot daardie dag toe.
- 13 Hou, as bloudruk van opregte boodskappe, dié wat jy van my gehoor het in die vertroue en liefde wat in dié Gesalfde Een, Yeshua is.
- 14 Behou jou goeie vertroue deur die Gees wat Afgesonderd is, wat in ons woon.
- 15 Jy weet dat, almal wat in Asië is, hulle van my af weggedraai het, onder wie Foegellos en Hermogenes.
- 16 Mag die Meester Sy omgee wys vir die huis van Onesiforos, want hy het my gereeld verkwik en hom nie oor my kettings geskaam nie,
- 17 maar ook toe hy na Rome gekom het, het hy my baie ywerig gesoek en gevind.
- 18 Mag ons Meester vir hom gee dat hy omgee sal vind by ons Meester in dié dag! Jy weet spesifiek ook hoeveel hy my bedien het in Efesos.

- 2 ¹ Jy, daarom, my seun, word versterk in die onverdiende guns wat in Yeshua, dié Gesalfde Een is
- 2 en die dinge wat jy van my gehoor het voor baie getuies, die dinge het ek ook aan vertrouenswaardige manne toevertrou om ook ander te leer.
- 3 Verduur booshede soos 'n goeie soldaat van Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 4 Niemand wat 'n soldaat is, is ook betrokke in die sake van die wêreld nie, om só die een tevrede te stel wat hom gekies het.
- 5 As iemand meeding, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls meegeding het nie.
- 6 Dit is gepas dat die boer wat hard werk, eerste deur sy vrugte gevoed word.
- 7 Deurdink wat ek vir jou sê. Mag ons Meester vir jou insig gee in alle dinge!
- 8 Onthou Yeshua, dié Gesalfde Een, wat uit die dood uit opgestaan het; Hy wat uit die saad van Dawid is, volgens my goeie boodskap,
- 9 vir Wie ek booshede ervaar tot die punt van boeie soos 'n boosdoener, maar die boodskap van God is nie geketting nie.
- 10 As gevolg hiervan verdra ek alles ter wille van die wat gekies is sodat hulle ook die lewe wat in Yeshua, dié Gesalfde Een is, kan vind saam met die ewige Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
- 11 Dit is 'n betroubare boodskap, want as ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe
- 12 en as ons volhardend ly, sal ons saam met Hom regeer, maar as ons Hom ontken, sal Hy ons ook ontken ^{Yir 1:17b}
- 13 en as ons nie in Hom vertrou het nie, Hy bly vertrouenswaardig, want Hy kan Homself nie ontken nie.
- 14 Herinner hulle aan hierdie dinge en beveel hulle voor ons Meester dat hulle geen stryd oor woorde moet hê, wat geen voordeel inhou, tot die omverwerping van dié wat dit hoor nie.
- 15 Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig
- 16 en leë, vrugtelose praatjies vermy, want hulle sal al meer by hulle boosheid byvoeg, hulle wat daarin praat
- 17 en hulle boodskap sal baie aangryp soos 'n verterende kanker. Een van hulle is Hoemenaios en 'n ander, Filetos,
- 18 hulle wat van die waarheid af weggedraai het en sê dat die opstanding uit die dood reeds plaasgevind het en hulle gooi die vertroue van sommige omver.
- 19 Die fondasie van God staan vas en hierdie is die seël: ^{Num 16:5; Nag 1:7} “יְהוָה” ken dié wat Syne is;” en: “Laat elkeen wat hom beroep op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יְהוָה, homself afsonder van boosheid.” ^{Num 16:26}
- 20 In 'n groot huis is daar nie slegs artikels van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei; sommige tot eer, maar ander tot oneer;
- 21 daarom, as iemand hom daarvan sal reinig, sal hy 'n artikel tot eer wees, geskik vir gebruik deur sy Meester en gereed vir elke goeie daad.

22 Vlug weg van al die begeertes van die jeug, hardloop na onpartydige opregtheid, vertroue, liefde, vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, saam met die wat hulle beroep op ons Meester met 'n suiwer verstand, wil en emosie.

23 Bly weg van die woordstryd van dwase wat nie leiding het nie omdat jy weet dat dit 'n stryd veroorsaak,

24 maar 'n slaaf van ons Meester behoort nie te baklei nie, maar behoort nederig te wees teenoor almal, lerend en met langdurige geduld

25 sodat hy die wat teen hom stry in nederigheid kan leer sodat wanneer God hulle dalk sal gee om weg te draai van hulle sonde, hulle die waarheid sal ken

26 en hulle tot hul sinne sal kom en losbreek van die strik van die teëstander waardeur hulle gevang was om sy wil te doen. Yir 31:11; 32:33,34

3 1 Jy moet dit weet, dat daar in die laaste dae harde tye sal kom.

2 Die mense sal lief wees vir hulleself en lief wees vir geld, grootpratrs, trotsaards, kwaadpratrs teen God, nie lojaal aan hulle eie mense nie, verwerpers van die onverdiende guns, boosaards,

3 lasteraars (skinderaars), gevangenes van begeertes, wreedaards, haters van die goeie, 4 verraaiers, impulsief, arrogant, wat begeertes liewer het as die liefde van God.

5 Hulle het 'n vorm van respek vir God, maar is ver verwyderd van Sy krag. Verwyder sulke mense van jou af,

6 want vanuit hulle is sommige wat van huis tot huis sluip en vroue wat begrawe is onder sondes en deur allerhande begeertes gelei word, gevange neem;

7 wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.

8 Net soos Yannes en Yambres teen Mosheh opgestaan het, so staan ook hierdie mense teen die waarheid op, mense wat hulle verstand korrup maak en uit die vertroue verwerp word.

9 Hulle sal nie vooruitgaan nie, want hulle gekheid is aan elke mens bekend, net soos ook hulle s'n bekend was. Yir 15:6

10 Jy het my lering nagevolg, my gewoontes, my liefde, my volharding, my begeertes, my vertroue, my aanhoudende geduld,

11 my vervolginge en my lyding en jy ken die dinge wat ek deurstaan het in Antiogea, in Ikonion en in Lustra; watter vervolginge ek ook al verdra het en my Meester het my uit almal gered.

12 Almal wat kies om in die aanbidding van God, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een te leef, word vervolg,

13 maar bese mense en verleiers sal byvoeg by hulle boosheid, soos hulle afdwaal en mislei. Open 22:11

14 Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het

15 en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, dié Gesalfde Een.

16 Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid

17 sodat die man van God volmaak kan wees, Mat 5:48; Heb 13:21 volmaak gemaak vir elke goeie daad.

- 4 1 Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, dié Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk:
- 2 verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering, ^{Deut 6:7}
- 3 want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streef
- 4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.
- 5 Jy egter, wees waaksaam in alles. Verdra booshede; doen die werk van 'n verkondiger van die goeie boodskap en vervul jou bediening,
- 6 want ek word daarom as 'n offer geoffer en die tyd van bevryding het aangebreek. ^{Rom 12:1}
- 7 Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertroue behou. ^{Yog 17:4}
- 8 Van nou af is daar vir my opsy gesit die kroon van onpartydige opregtheid waarmee my Meester my sal beloon op die dag wat Hy die regverdige sal beoordeel en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy openbaring liefgehad het.
- 9 Doen moeite om gou na my toe te kom,
- 10 want Demas het my verlaat, uit liefde vir die huidige wêreld en het weggegaan na Thessalonike; Kreskes na Galatia en Titus na Dalmatia.
- 11 Slegs Luka is by my. Vat vir Markos en bring hom saam met jou, want hy is vir my geskik vir die bediening.
- 12 Tugikos het ek na Efesos gestuur.
- 13 As jy kom, moet jy die boektas bring wat ek by Karpos in Troas gelos het en die boekrolle, veral dié rolle van perkament.
- 14 Alexander, die kopersmid, het my groot boosheid aangedoen. Mag ons Meester hom beloon volgens sy dade!
- 15 Wees jy ook versigtig vir hom, want hy is baie arrogant teenoor ons boodskappe.
- 16 By my eerste verdediging het niemand my ondersteun nie, maar almal het my verlaat. Mag dit nie teen hulle bereken word nie!
- 17 My Meester het my egter ondersteun en my in staat gestel sodat deur my die verkondiging heeltemal voltooi kan word en al die ander nasies kan hoor dat ek uit die bek van die leeu bevry is
- 18 en my Meester sal my bevry van elke bose daad en sal aan my Lewe gee in Sy Koninkryk, wat in die hemel is, want tot Hom is die eer, lof en grootheid vir tydlose ewigheid! Dit is waar.
- 19 Stuur vrede vir Priskilla en Akulas en die huis van Onesiforos.
- 20 Erastos het in Korinthos gebly. Trofimos het ek siek in Mileto gelos.
- 21 Doen moeite om voor die winter te kom. Eubulos, Pudes, Linos, Klaudia en al die broers stuur vrede vir jou.
- 22 Ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, is met jou gees! Onverdiende guns bly by jou! Dit is waar.

Die vier-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan Titus.

Titus

{ Titus }

(Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul.)

Dit is in 66 of 67 geskryf vanaf Makedonia.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n slaaf van God en 'n afgevaardigde van Yeshua, dié Gesalfde Een, in die vertroue van die wat gekies is deur God en van kennis van die waarheid wat in respekvolle eerbied tot God is,
- 2 in die versekerde verwagting van die ewige lewe wat die Ware God voor die tyd aan die wêreld beloof het.
- 3 Hy het op Sy tyd Sy boodskap bekend gemaak deur die verkondiging, wat aan my toevertrou is, deur die opdrag van God, ons Lewegewer.
- 4 Aan Titus, my ware seun, volgens die innerlike vertroue: onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-die-Vader en ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Lewegewer!
- 5 Om hierdie rede het ek jou in Krete agtergelaat sodat jy sou regmaak wat kortgekom het en oudstes van stad tot stad sou aanstel soos ek jou beveel het:
- 6 iemand wat onberispelik is, die man van een vrou is en wat seuns het wat vertrou, wat nie beledigend is nie en nie sonder om hulle te onderwerp, immoreel leef nie,
- 7 want 'n oudste moet, as iemand oor die huis van God aangestel, onberispelik wees, ook nie beheer word deur sy eie denke nie, ook nie 'n slegte humeur hê nie, ook nie 'n oortreder aangaande wyn wees nie, ook nie 'n vinnige hand hê om te slaan nie, ook nie onrein rykdom liefhê nie.
- 8 Daarteenoor moet hy lief wees vir vreemdelinge, lief wees vir die goeie, hy moet beskeie wees, regverdig, afgesonderd, homself weghou van begeertes,
- 9 die lering van die boodskap van vertroue moet vir hom belangrik wees sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te versterk en te vertroos, sowel as om dié wat twissoekkerig is te berispe, ^{Efe 5:6-11}
- 10 want daar is baie wat nie gehoorsaam is nie; hulle woorde is leeg en hulle mislei die gedagtes van mense, veral dié wat vanuit die besnydenisleer is.
- 11 Hulle mond moet gestop word, want hulle vernietig baie huishoudings en leer wat nie reg is nie, ter wille van vuil wins.
- 12 Een vanuit hulle, hul eie profeet, het gesê: “Die inwoners van Krete is altyd leuenaars, bese swaarte, seunlose baarmoeders.”
- 13 Hierdie getuienis wat hy gebring het, is waar; daarom moet jy hulle skerp aanspreek sodat hulle gesond kan wees in vertroue
- 14 en hulle nie oorgee aan Joodse fabels en opdragte van mense wat die waarheid haat nie. ^{Mat 15:9; Mar 7:7,8}
- 15 Alles is rein vir die wat rein is; vir die besoedeldes en ongelowiges is daar niks rein nie; selfs hulle denke en hulle gewete is besoedel.
- 16 Hulle verklaar dat hulle God ken, maar hulle verwerp Hom deur hulle dade en hulle is vyande, sonder gehoorsaamheid ^{Mar 7:6-8; Yog 12:48; Rom 8:7,8} en is verwerp vir elke goeie werk.

- 2** 1 Sê jy egter dit wat by die regte leer pas.
 2 Leer dat die ou manne waaksaam moet wees in hulle gedagtes, beskeie, rein, suiwer in vertroue, in liefde en in geduld.
 3 Op dieselfde manier moet die ouer vroue in hulle optrede wees soos dit aanbidding tot God pas en nie lasteraars (skinderaars) wees of afhanklik van baie wyn nie, maar leraars van wat uitstekend is
 4 sodat hulle die jong vroue kan dissiplineer om hulle mans en seuns lief te hê,
 5 kuis te wees, afgesonderd, om goed vir hulle huishoudings te sorg en hulle eie mans te gehoorsaam sodat daar nie kwaad gepraat word teen die boodskap van God nie.
 6 Doen 'n beroep op die jong manne om net so ernstig te wees.
 7 Wys jouself in alles as 'n bloudruk vir goeie dade en in leringe. ^{Efe 2:10} Laat jou spraak opbouend wees,
 8 wat ernstig is, nie korrup nie en laat geen mens dit minag nie sodat ons teëstanders beskaam kan word omdat hulle niks ongunstig kan hê om teen ons te sê nie.
 9 Slawe moet gehoorsaam wees aan hulle eie meesters en hulle in alles tevrede stel en nie teëpraat nie;
 10 hulle moet ook niks steel nie, maar in alles hulle goeie lojaliteit wys, om die leringe van God, ons Lewegewer, in alles ten toon te stel,
 11 want die lewegewende onverdiende guns van God, is aan alle mense ^{Rom 1:18-20} openbaar
 12 en dit lei ons om boosheid en wêreldse begeertes te verwerp en in reinheid, onpartydige opregtheid en in die aanbidding van God in hierdie wêreld te leef
 13 terwyl ons uitkyk vir die geseënde, versekerde verwagting en die openbaring van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die grote God en van ons Lewegewer, Yeshua, dié Gesalfde Een,
 14 wat Homself in ons plek gegee het om ons los te koop uit alle oortredings van die wet en vir Homself 'n nuwe volk te reinig, ^{Deut 14:2; Yeg 11:19; Ps 135:4} wat wyerig is in goeie dade.
 15 Sê hierdie dinge en vereis dit en bestraf met alle outoriteit en laat niemand jou verag nie.
- 3** 1 Herinner hulle om heersers en outoriteite te gehoorsaam, hulle te onderwerp en voorbereid te wees vir elke goeie werk; ^{Yir 29:7; Mat 22:19-21; Rom 13:1-6; 1 Tim 2:2; 1 Kef 2:13}
 2 om niemand te beledig nie, nie te wedywer nie, maar nederig te wees in alles en hulle sagtheid aan alle mense te wys,
 3 want ons was ook vroeër dwaas, sonder oortuiging, ons was mislei, slawe van veranderende begeertes. Ons was betrokke in boosheid en jaloesie, verwerplik en het mekaar gehaat,
 4 maar toe die sagtheid en die liefdevolle goedheid van God, ons Lewegewer, openbaar is,
 5 het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die dade van onpartydige opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en deur die vernuwing van die Gees wat Afgesonderd is; ^{Yog 3:3}

- 6 die Een wat Hy oorvloediglik oor ons uitgestort het, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Lewegewer
- 7 sodat ons deur Sy onverdiende guns onskuldig verklaar kan word en erfgename kan word deur die versekerde verwagting van die ewige lewe.
- 8 Dit is 'n vertrouenswaardige boodskap en ek wil hê dat jy hulle van hierdie dinge sal verseker sodat die wat in God vertrou, ernstig kan wees om goeie werke te ontwikkel; hierdie dinge is goed en voordelig vir die mense,
- 9 maar bly weg van dwase debatte, stories van geslagsregisters, twis en argumente van die leraars van die wet, want dit is onvrugbaar en waardeloos.
- 10 Onttrek jou van 'n verkondiger van vals leringe ná die eerste en tweede waarskuwing,
- 11 wetende dat so iemand wat wegdwaal van wat reg is, sondig en homself veroordeel.
- 12 Wanneer ek Artemas of Tugikos na jou toe gestuur het, doen moeite om na my toe te kom in Nikopolis, want ek het besluit om daar te oorwinter.
- 13 Aangaande Zenas, die leraar van die wet en aangaande Apollos moet jy moeite doen om hulle goed te versorg sodat hulle aan niks tekort het nie.
- 14 Hulle sal ons mense ook leer om goeie daade te ontwikkel in sake van nood sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie.
- 15 Almal wat saam met my is, stuur vrede vir jou. Stuur vrede vir dié in vertroue vir wie ons omgee. Onverdiende guns bly by julle almal! Dit is waar.

Die vyf-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die brief van Sha'ul, slaaf en afgevaardigde van Yeshua, dié
Gesalfde Een, aan Filimun.

Filimun

{ Filémon }

(Geskryf aan 'n geestelike seun van Sha'ul.)

Dit is vanaf Rome, toe Sha'ul in die tronk was, aan 'n
persoon van aansien in Kolosse geskryf en is deur
Onesimos, Filimun se wegloopslaaf, afgelewer.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Sha'ul, 'n gevangene van Yeshua, dié Gesalfde Een en die broer Timoteos: aan Filimun, ons medewerker, vir wie ons lief is,
2 aan Apfia, vir wie ons lief is, aan Argippos, ons medewerker en aan die gemeente wat in jou huis is:
3 onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van God-ons-Vader en van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een!
4 Ek dank my God elke keer wanneer ek jou in my gebede onthou,
5 vandat ek van jou liefde en vertrouwe gehoor het, wat jy teenoor ons Meester, Yeshua en teenoor al die afgesonderdes het,
6 op só manier dat die deel van jou vertrouwe vrug dra in daad en in kennis van alles wat goed is in jou, in eenheid met Yeshua, dié Gesalfde Een.
7 Ons vreugde en versterking is groot, want deur jou liefde is die verstand, wil en emosies van die afgesonderdes verkwik.
8 As gevolg hiervan is my vrymoedigheid groot in dié Gesalfde Een om jou te beveel wat reg is,
9 maar as gevolg van die liefde, smee ek, Sha'ul, nou 'n ou man, asook 'n gevangene van Yeshua, dié Gesalfde Een;
10 smee ek jou, aangaande my seun, wat vir my gebore is in my kettings, Onesimos,
11 hy wat vroeër vir jou waardeloos was, maar nou baie bruikbaar is vir jou en vir my.
12 Ek stuur hom vir jou, ontvang hom egter soos my seun.
13 Ek wou hom by my hou sodat hy my in die kettings, ter wille van die goeie boodskap, namens jou kan dien,
14 maar sonder jou goedkeuring wou ek niks doen nie sodat jou goedheid nie uit verpligting sou wees nie, maar uit gewilligheid,
15 want miskien was hy om hierdie rede 'n tydjie van jou af weg sodat jy hom vir altyd kan hou,
16 van nou af nie as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n broer in die vlees vir wie ons lief is, hoeveel te meer joune, beide in die vlees en in ons Meester; ^{Lev 25:39}
17 daarom, as jy in eenheid met ons is, ontvang hom as myne.
18 As hy jou tekort gedoen het of iets skuld, sit dit op my rekening.
19 Ek, Sha'ul, het dit met my eie hand geskryf: ek sal ten volle betaal, sonder om te noem dat jy jou eie persoon aan my verskuldig is!
20 Ja, my broer, ek is verfris deur jou in ons Meester! Bevredig my liefde in dié Gesalfde Een.
21 Omdat ek vertrou dat jy na my sal luister en dit doen, het ek vir jou geskryf en ek weet dat jy nog meer sal doen as wat ek gevra het,
22 maar saam met dit, berei ook verblyf voor vir my, want ek verwag dat ek deur julle gebede aan julle gegee sal word.
23 Epafra, my medegevangene in Yeshua, dié Gesalfde Een, stuur vrede vir jou;
24 ook Markos, Aristargos, Demas en Luka, wat my help.
25 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, bly met julle gees, my broers! Dit is waar.

Die ses-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die brief van 'n onbekende skrywer, aan hulle wat vertrou
in dié Gesalfde Een.

Ivraya

{ Hebreërs }

(Geskryf aan Hebreërs wat die offers en tempeldienste
verstaan het.)

Dit is bes moontlik geskryf in die jaar 67, maar beslis voor
die vernietiging van die tempel in 70, waarskynlik vanaf
Italië.

In Afrikaans vertaal vanuit die oorspronklike Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders
- 2 en in hierdie laaste dae het Hy met ons deur Sy Seun, wat Hy as Erfgenaam van alles aangestel het, gepraat. ^{Ps 2:8} In Hom het Hy die uitpansel onderwerp, ^{Kol 1:16}
- 3 want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese ^{Num 12:8; Yog 14:9; Kol 1:15} en hou alle dinge in stand deur die boodskap van Sy wonderwerkende krag. Hy, in Sy Persoon, het die reiniging van ons sondes volbring en gaan sit aan die regterhand ^{Ps 110:1} van HaG'dulah BaM'romim (Die Grootheid in die Hoogte). ^{1 Kro 29:11}
- 4 Dié Een is in alles groter as die engele, volgens die mate waarin die Karakter en Outoriteit wat Hy geërf het, meer uitstekend is as hulle s'n,
- 5 want aan watter een van die engele het God ooit gesê: "Jy is My Seun, Ek het vandag geboorte gegee aan Jou?" ^{Ps 2:7; Hand 13:33; Heb 5:5} Ook: "Ek sal vir Hom 'n Vader wees en Hy sal vir My 'n Seun wees?" ^{Luk 3:22}
- 6 Weer, wanneer Hy die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy ook: "Al die engele van God moet Hom eer bring,"
- 7 maar van die engele praat Hy so: "Hy maak van Sy engele winde en van Sy bedienaars vlamme van vuur." ^{Ps 104:4}
- 8 Met betrekking tot die Seun sê Hy egter: "U troon, o Magtige met outoriteit, is vir tydlose ewigheid, die septer van U Koninkryk is 'n reguit, ^{Ps 89:15; Ps 97:2; Ps 110:2; Yes 9:6-7} suiwer septer.
- 9 U het onpartydige opregtheid liefgehad en die wetsoortreders gehaat; ^{Ps 5:6} daarom het God, U God, U gesalf met die olie van vreugde bo U kamerade." ^{Ps 45:7-8}
- 10 Weer: "U het van die oorsprong af die fondasies van die aarde gelê en die hemele is die werke van U hande.
- 11 Hulle sal verbygaan en U sal bly en hulle sal almal soos 'n kledingstuk verslyt
- 12 en soos 'n mantel sal U hulle toevou en hulle sal verander word, maar U is die Ewige God en U jare sal nie ophou nie." ^{Ps 102:26-28}
- 13 Aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: "Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande 'n voetstoel onder U voete gemaak het?" ^{Ps 110:1}
- 14 Let op, is hulle nie almal dienende geeste wat vir dienswerk uitgestuur word ter wille van dié wat die lewe sal beërwe nie?

- 2 1 As gevolg hiervan is ons dit verskuldig om meer aandag te gee aan wat ons gehoor het sodat ons nie val nie,
- 2 want as 'n boodskap, wat deur boodskappers gebring is, vasgestaan het en elkeen, wat dit gehoor en oortree het, die regverdige beloning ontvang het,
- 3 hoe sal ons ontnap, as ons die dinge ignoreer wat ons lewe is; die dinge wat eers deur ons Meester verkondig is en toe deur hulle vanuit ons geleedere, wat Hom gehoor het, aan ons bevestig is
- 4 terwyl God vir hulle getuig deur tekens, deur wonders, deur verskillende wonderwerke en gawes van die Gees wat Afgesonderd is, wat gegee is volgens Sy wil,
- 5 want Hy het nie die komende wêreld, waarvan ons praat, gehoorsaam gemaak aan die engele nie,

- 6 maar soos die Skrifte getuig en sê: “Wat is die mens dat U hom onthou, of ’n seun van ’n mens dat U vir hom sorg?
- 7 U het hom ’n klein bietjie minder as die engele gemaak; met lof, eer en waarde het U hom gekroon en hom outoriteit gegee oor die werke van U hande.
- 8 U het alles in gehoorsaamheid onder sy voete gesit,” ^{Ps 8:5-7} want in dit: “alles in gehoorsaamheid onder sy voete gesit,” het Hy niks uitgesonder wat nie aan hom gehoorsaam gemaak is nie, maar nou sien ons nog nie dat alles aan hom gehoorsaam is nie, ^{1 Kor 15:27}
- 9 maar ons sien Hom, Yeshua, wat vir die lyding van Sy dood, ’n bietjie laer as die engele was. Lof, eer en waarde word op Sy hoof geplaas, want los van God, het Hy in die plek van elkeen die dood gesmaak,
- 10 want dit was vir Hom, ter wille van Wie alle dinge en deur Wie alle dinge is, gepas om baie seuns in die lof en eer te bring sodat die Prins van hulle lewe, deur lyding, Homself volmaak sou maak, ^{Yes 53:11}
- 11 want Hy wat afsonder, sowel as hulle wat afgesonder word, is almal vanuit Een, wat die rede is hoekom Hy Hom nie skaam om hulle Sy broers te noem nie,
- 12 wanneer Hy sê: “Ek sal U Karakter en Outoriteit aan My broers verkondig en in die gemeente sal Ek U lof besing.” ^{Ps 22:23}
- 13 Weer: “Ek sal op Hom vertrou.” Weer: “Let op, Ek en die seuns wat God vir My gegee het.” ^{Yes 8:17,18}
- 14 Aangesien die seuns daarom deelgenote is aan vlees en bloed, het Hy aan dieselfde ’n deelgenoot geword sodat Hy deur die dood, die een tot niet kon maak wat outoriteit oor die dood gehad het, wat die teëstander is
- 15 en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood in slawerny gelewe het,
- 16 want Hy het nie die geaardheid van engele op Homself geneem nie, maar die van die saad van Avraham.
- 17 As gevolg hiervan was dit reg dat Hy in alles aan Sy broers gelyk moes word sodat Hy aktief kan omgee en ’n Hoofpriester wees, vertrouenswaardig aan die dinge van God, om toedekking te maak vir die sondes van mense, ^{Yes 53:12}
- 18 want hierin, dat Hy self gelyk het en versoek is, kan Hy dié help wat versoek word.
- 3** 1 My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.
- 2 Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Mosheh in God se hele huishouding getrou was, ^{Num 12:7}
- 3 want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Mosheh, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,
- 4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. ^{Ps 127:1}
- 5 Mosheh was as ’n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

- 6 maar dié Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie boodskap tot die einde toe vashou. Dan 9:24; 1 Kor 3:16-17
- 7 Omdat die Gees wat Afgesonderd is, sê: “Vandag as julle Sy stem hoor,
- 8 verhard nie julle verstand, wil en emosie om Hom kwaad te maak, soos hulle wat rebels is en soos in die dag van die toetsing in die wildernis,
- 9 toe julle vaders My getoets het, My beproef het en My dade veertig jaar lank gesien het, nie.
- 10 As gevolg daarvan was Ek moeg vir daardie geslag en het gesê: ‘Hulle is ’n volk wat fouteer in die verstand, wil en emosie en hulle het My paaie nie geken nie,’
- 11 soos Ek in My woede ’n eed geneem het: Ps 95:8-11 ‘Hulle sal in My rus nie ingaan nie!’”
- 12 Pas daarom op, my broers, dat daar nie in enige van julle ’n bose en vertrouelose verstand, wil en emosie is en hy van die Lewende God af weg dwaal nie,
- 13 maar verneem van mekaar elke dag, solank as dit vandag genoem word sodat niemand van julle deur die misleiding van sonde verhard word nie,
- 14 want ons is aan dié Gesalfde Een verbind, as ons van die begin af tot die einde toe aan hierdie ware verbond vashou.
- 15 Net soos wat gesê is: “Vandag as julle Sy stem hoor, verhard nie julle verstand, wil en emosie om Hom kwaad te maak nie.” Ps 95:8,9
- 16 Wie was dit dan wat gehoor het en Hom kwaad gemaak het? Was dit nie almal wat Mosheh uit Mitzrayim gebring het nie?
- 17 In wie was Hy veertig jaar lank teleurgesteld? Was dit nie in dié wat gesondig het, wie se lyke in die wildernis geval het nie?
- 18 Hulle aangaande wie Hy ’n eed geneem het, dat hulle in Sy rus nie sal ingaan nie, is dit nie aan hulle wat nie oortuig is nie?
- 19 Ons sien dat hulle nie kon ingaan nie omdat hulle nie vertrou het nie.
- 4** 1 Laat ons daarom vrees dat, terwyl die belofte nog bestaan om in Sy rus in te gaan, een van julle te kort mag skiet om in te gaan,
- 2 want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertrou nie,
- 3 maar ons wat vertrou, gaan die rus in, net soos Hy gesê het: “Ek het ’n eed geneem in My woede, hulle sal nie in My rus ingaan nie;” Ps 95:11 want let op, die werke van God was reeds vanaf die begin van die wêreld af,”
- 4 volgens wat Hy van die Shabbat gesê het: “God het op die sewende dag van al Sy werke gerus” Gen 2:2
- 5 en weer hier sê Hy: “Hulle sal in My rus nie ingaan nie.” Ps 95:11
- 6 Daar is dus ’n geleentheid dat elke persoon kan ingaan en dié aan wie die goeie boodskap vroeër verkondig is, het nie ingegaan nie omdat hulle nie vertrou het nie.
- 7 Hy het weer ’n ander dag bepaal, na ’n lang tyd, net soos wat van bo af geskryf is, soos Dawid gesê het: “Vandag as julle na Sy stem luister en hoor, verhard nie julle verstand, wil en emosie nie,”

8 want as Y'hoshua, die seun van Nun, aan hulle rus gegee het, sou Hy nie agterna van 'n ander dag gepraat het nie.

9 So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou, Eks 20:8-11; Yes 58:13; Mat 12:8

10 want wie ook al in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke net soos God van Syne.

11 Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in dié rus sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie,

12 want die boodskap van God leef en is in alles genoeg en skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur tot by die skeiding van lewe, gees, gewigte en van murg en beoordeel die motiewe en gewete van die verstand, wil en emosie.

13 Niks wat geskep is, is onsigbaar in Sy Teenwoordigheid nie, maar alles is kaal en ontbloot in die oë van Hom aan Wie ons verantwoording doen,

14 want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levitiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, dié Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis,

15 want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Luk 2:51,52; 4:2-; Heb 5:8

16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in 'n tyd van lyding.

5 1 Elke hoofpriester, wat vanuit die mense is, is aangestel om in die plek van mense aangaande die dinge van God op te tree; om offers en brandoffers vir die sondes te bring.

2 Hy wat homself kan verneder en ly saam met die wat nie weet nie en die wat oortree omdat hy self ook met swakheid geklee is,

3 hy is verskuldig om, net soos vir die mense, so ook vir homself te offer vir sy sondes.

4 'n Mens het nie vir homself dié eer gevat nie, maar hy wat deur God geroep is, soos Aharon.

5 Net so het ook dié Gesalfde Een nie Sy lewe vereer om nie-Levitiese Hoofpriester te word nie, maar vir Hóm wat gesê het: "Jy is My Seun, vandag het Ek jou in die lewe gebring." Ps 2:7; Hand 13:33; Heb 1:5

6 Soos Hy ook op 'n ander plek gesê het: "Jy is nie-Levitiese Priester vir ewig, volgens die beeld van Malki-Tzedek." Ps 110:4

7 Ook toe Hy in die vlees geklee was, het Hy gebede en versoeke met 'n kragtige geroep en trane aan Hóm geoffer, wat Hom uit die dood uit lewe kon gee en Hy is verhoor.

8 Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding Luk 2:51,52; Heb 4:15

9 en so is Hy volmaak gemaak Mat 5:48 en het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die Rede vir die ewige lewe geword.

10 Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek.

- 11 Ons het baie te sê in ons redevoering aangaande Hom en dié Malki-Tzedek en dit is moeilik om te verduidelik omdat julle swak geword het in julle gehoor,
 - 12 want alhoewel julle, vanweë die tyd wat julle geleer het, leermeesters behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle moet leer wat die eerste beginsels van die woorde van God is en het julle weer 'n behoefte aan melk en nie aan vaste kos nie,
 - 13 maar elkeen wat melk drink, is nie bekend met die boodskap van onpartydige opregtheid nie omdat hy 'n baba is,
 - 14 maar vaste kos is vir volwassenes, wat, deur oefening, hulle sintuie leer om goed van kwaad te onderskei. ^{1 Kor 3:2}
- 6** 1 As gevolg hiervan, laat ons nie by die aanvanklike boodskappe aangaande dié Gesalfde Een bly nie, maar na die volmaaktheid aangaan. Of lê julle weer 'n ander fondasie vir die wegdraai van dooie werke en vir vertroue in God,
- 2 vir die leer aangaande dope, die handoplegging, die opstanding van dié wat dood is en van die ewige oordeel?
 - 3 Dit sal ons doen as **יורה** dit toelaat,
 - 4 maar dit is onmoontlik vir dié wat eenmaal in die doop afgegaan het, die hemelse geskenk gesmaak het, die Gees wat Afgesonderd is ontvang het, ^{Mat 12:31-32; 2 Kef 2:21}
 - 5 die goeie boodskap van God en die krag van die toekomstige wêreld gesmaak het,
 - 6 om weer te sondig en van voor af in erkenning en aflegging van skuld vernuwe te word en die Seun van God van voor af te kruisig en veragtelik te maak, ^{Deut 29:18-20}
 - 7 want die grond drink die reën wat gereeld daarop val in en laat die weiding groei, bruikbaar vir hulle vir wie dit bewerk word. Dit ontvang 'n seën van God,
 - 8 maar as dit dorings en distels voortbring, word dit verwerp, is dit naby vervloeking en sy einde is om verbrand te word.
 - 9 Ons is egter aangaande julle, vir wie ons lief is, van uitstekende dinge oortuig; dinge wat met die lewe saamgaan, al praat ons só,
 - 10 want God is nie boos dat Hy julle dade en die liefde wat julle in Sy Karakter en Outoriteit gewys het deurdat julle die afgesonderdes bedien het en nog bedien, sal ignoreer nie.
 - 11 Ons begeer van elkeen van julle dit: ywer vir die volmaaktheid van julle versekerde verwagting, tot die einde toe
 - 12 en dat julle nie sal verflou nie, maar dat julle navolgers sal wees van hulle wat deur vertroue en langdurige geduld erfgename van die belofte geword het,
 - 13 want toe God aan Avraham die belofte gegee het, het Hy, aangesien Hy by geen meerdere 'n eed kon sweer nie, by Homself 'n eed gesweer ^{Gen 22:16}
 - 14 en gesê: "Ek sal jou dubbel seën en jou met 'n dubbel maat vermeerder." ^{Gen 22:17}
 - 15 So was hy geduldig en het hy die belofte ontvang,
 - 16 maar mense sweer 'n eed by een wat groter as hulle is en die bevestiging deur 'n eed is vir hulle die einde van alle verskille;
 - 17 daarom het God omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van Sy wil wou wys, dit met 'n eed bevestig

18 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, groot vertroosting kan hê - ons wat in Hom skuiling gesoek het - en sodat ons die versekerde verwagting en die belofte mag vasgryp:

19 dit, wat vir ons soos 'n anker is, wat ons lewe vashou, dat dit nie beweeg sal word nie en binnekant die skeidingsgordyn ingaan,

20 waar Yeshua vroeër ingegaan het namens ons en die ewige nie-Levitiese Priester geword het volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek. ^{Ps 110:4}

7 1 Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Abraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. ^{Gen 14:18-20}

2 Aan hom het Abraham 'n tiende deel van alles uitgedeel. Sy naam word vertaal as: koning van onpartydige opregtheid en ook koning van Shalem, dit is, koning van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.

3 Sonder dat sy vader of sy moeder in die geslagsregister opgeteken is, ook nie sy begin van dae of sy lewenseinde nie, maar sy priesterskap bly vir ewig, net soos dié van die Seun van God.

4 Hoeveel groter is hierdie man as Abraham, wat hoof van die vaders is en wat 'n tiende van die beste vir hom gegee het.

5 Hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, het 'n opdrag om, volgens die geskrewe wet, van die mense tiendes te neem, van hulle broers, alhoewel hulle ook die nageslag van Abraham is,

6 maar hy wat nie in hulle geslagsregister opgeskryf is nie, het van Abraham tiendes ontvang en die een, wat die belofte ontvang het, geseën.

7 Sonder enige teësprak is dit die mindere wat deur die meerdere geseën word.

8 Hier ontvang sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie die Skrifte getuig dat hy lewe.

9 Om dit so te stel: Levi, wat tiendes ontvang, het deur Abraham tiendes gegee,

10 want hy was nog in die liggaam van sy vader toe hy Malki-Tzedek ontmoet het.

11 As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

12 Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die voorskrifte, ^{Yir 33:21; Rom 12:1; 1 Kefa 2:5-9; Heb 12:28; Open 1:6; 5:10}

13 want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

14 want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Mosheh niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

15 Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

16 Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

- 17 want Hy getuig aangaande Hom: “U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” ^{Ps 110:4}
 - 18 want daar was eers ’n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,
 - 19 want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar ’n versekerde verwagting, wat beter is as dit, het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader.
 - 20 Hy het dit aan ons bevestig deur ’n eed,
 - 21 want hulle was priesters sonder ’n eed, maar Hy met ’n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה” het ’n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,” ^{Ps 110:4}
 - 22 waarvolgens Yeshua van ’n baie beter verbond die waarborg is.
 - 23 Hulle het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan,
 - 24 maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie
 - 25 en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,
 - 26 want so ’n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is;
 - 27 wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer,
 - 28 want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik het.
- 8** 1 Die hoofpunt van dít alles: ons hét so ’n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG’dulah (die Grootheid) in die hemel.
- 2 Hy is die Bedienaar van die Huis van Afgesonderdheid en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het en geen mens nie.
 - 3 Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer,
 - 4 want as Hy op aarde was, sou Hyself geen priester wees nie omdat daar priesters is wat die offerandes volgens die wet offer,
 - 5 hulle wat ’n voorbeeld en skaduwee van die hemelse bedien, net soos aan Mosheh gesê is toe hy die Tabernakel (tentwoning) gemaak het: “Let op dat jy alles maak volgens die bloudrukplan wat op die berg aan jou verskyn het,” ^{Eks 25:40}
 - 6 maar nou het Yeshua, dié Gesalfde Een ’n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is,
 - 7 want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie,
 - 8 want Hy vind fout met hulle en het gesê: “Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra’el en oor die huis van Y’hudah ’n nuwe verbond tot sy doel sal bring,

- 9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה ^{Yir 31:33}.
- 10 “Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra’el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle ’n God wees en hulle sal vir My ’n volk wees ^{Yir 31:31-34}
- 11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.
- 12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”
- 13 Deurdadig sê ‘nuwe,’ het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging.
- 9** 1 In die eerste was daar ’n orde van bediening en ’n aardse Huis van Afgesonderdheid,
- 2 want in die eerste Tabernakel wat gemaak is, was: die lampstaander, die tafel en die brood van die Teenwoordigheid en dit is die Afgesonderde plek genoem. ^{Eks 25:23-39}
- 3 Agter die skeidingsgordyn, was die binneste kamer, wat die Mees Afgesonderde genoem word ^{Eks 26:31-33}
- 4 en in dit was ’n goue wierookaltaar, ^{Eks 30:10} die ark van die verbond, ^{Eks 25:10-22} oral met goud oorgetrek, die goue pot met die ‘man hu’, ^{Eks 16:33} die staf van Aharon wat gebot het ^{Num 17:10} en die tafels van die verbond ^{Eks 34:1-4; Eks 28-29}
- 5 en bo-op dit, die gérubs van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid wat die deksel van toedekking oorskadu het, maar daar is nie tyd dat ons oor elkeen van hierdie dinge afsonderlik kan praat, wat op hierdie manier gemaak is nie.
- 6 Die priesters het elke keer in die buitenste Tabernakel ingegaan en hulle bediening uitgevoer,
- 7 maar in die binneste van die Tabernakel het die hoofpriester alleen, een maal per jaar, met bloed, wat hy offer vir sy lewe en vir die oortredinge van die mense, ingegaan. ^{Lev 16}
- 8 Hierin het die Gees wat Afgesonderd is, geleer dat die pad van Afgesonderdheid nog nie openbaar is, solank as wat die eerste Tabernakel nog staan nie.
- 9 Dit was ’n bloudrukplan vir daardie tyd, waarin daar geskenke en offers gebring is, wat hom, wat hulle offer, se gewete nie volkome kon maak
- 10 deur kos, drank en verskillende reinigingswassinge, wat vleeslike instellings is, wat vasgestel is tot op die tyd van hervorming, nie,
- 11 maar dié Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie. ^{Open 21:3,22}
- 12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,
- 13 want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van ’n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,

- 14 hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. ^{1 Kefa 1:18,19}
- 15 As gevolg hiervan is Hy Tussenganger van 'n nuwe verbond, ^{Yir 31:30-33} want in Sy dood was Hy Verlossing vir die wat teen die eerste verbond oortree het sodat ons die belofte mag ontvang, dié wat geroep is tot 'n ewige erfenis,
- 16 want waar daar 'n testament is, wys dit die dood van hom wat dit opgestel het,
- 17 want dit is slegs geldig vir 'n dooie, want solank die opsteller leef het dit geen gebruik nie.
- 18 As gevolg hiervan is selfs die eerste nie sonder bloed ingestel nie,
- 19 want toe al die opdragte van die wet deur Mosheh aan al die mense beveel is, het hy die bloed van 'n kalf saam met water, skarlakenrooi wol, hisop en die boekrol gevat en al die mense besprinkel
- 20 en vir hulle gesê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat God julle beveel het.” ^{Eks 24:8}
- 21 Hy het ook op die Tabernakel en al die gereedskap van die tempeldiens, van die bloed gesprinkel
- 22 omdat alles met bloed gereinig word volgens die geskrewe wet en sonder die stort van bloed is daar geen vergifnis nie.
- 23 Dit was dus nodig dat hierdie dinge, wat bloudrukplanne was van die dinge in die hemel, deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse deur beter offers as hierdie,
- 24 want dié Gesalfde Een het nie ingegaan in 'n Afgesonderde Plek met hande gemaak, 'n bloudrukplan van die ware een, nie, maar in die hemel self waar Hy in die Teenwoordigheid van God namens ons verskyn;
- 25 ook nie om Homself gereeld te offer, soos wat die hoofpriester elke jaar in die Mees Afgesonderde ingegaan het met bloed wat nie sy eie was nie, ^{Yir 33:18-22}
- 26 want dan moes Hy gereeld gely het, van die begin van die wêreld af, maar nou het Hy een maal tydens die einde van die tye Homself geoffer, om die sonde deur Sy offer te vernietig.
- 27 Net soos dit bepaal is vir die mens om een maal te sterf en na die dood is die oordeel,
- 28 só is dié Gesalfde Een ook een maal geoffer en Sy liggaam geoffer vir die sondes van baie, ^{Yes 53:12; Ps 50:5} maar die tweede maal verskyn Hy, nie ter wille van sonde nie, maar vir die lewe van hulle wat Hom verwag,
- 10** 1 want die geskrewe wet was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie,
- 2 want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie,
- 3 maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes,

- 4 want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie.
- 5 Toe Hy in die wêreld inkom, het Hy daarom gesê: “Offers en brandoffers wou U nie gehad het nie, maar U het My met ’n liggaam aangetrek.
- 6 Brandoffers van vrede vir sonde het U nie gevra nie. ^{1 Sh'm 15:22; Hos 6:6; Ps 51:18-21; Mat 9:13}
- 7 Toe het Ek gesê: “Let op, Ek kom,” want aan die begin van die Geskrifte is dit van My geskryf, “om U wil te doen, o God.” ^{Ps 40:7-9}
- 8 Hierbo sê Hy: “Offers, graanoffers, brandoffers en sondoffers wil U nie hê nie,” dit wat volgens die geskrewe wet geoffer word,
- 9 daarna het Hy gesê: “Let op, Ek kom om U wil te doen, o God.” Hierin skaf Hy die eerste af om die tweede te vestig,
- 10 want in Sy wil word ons net een maal afgesonder deur die offer van die liggaam van Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 11 Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,
- 12 maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd, ^{Ps 110:1}
- 13 wagtend verder totdat Sy vyande ’n voetbank onder Sy voete gemaak is, ^{Hand 2:35; 1 Kor 15:25}
- 14 want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonder is, tot die doel gebring.
- 15 Die Gees wat Afgesonderd is getuig ook vir ons en sê:
- 16 “Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae,” sê יהוה; “Ek sal My wet gee in hulle begrip en in hulle verstand, wil en emosie sal Ek dit inskryf” ^{Yir 31:33}
- 17 en hulle sondes en hulle oortredinge van die wet sal Ek nie onthou nie,”
- 18 want waar daar vergifnis van sonde is, is daar nie ’n offer vir die sonde nodig nie.
- 19 Daar is dus vir ons vrymoedigheid broers, om in die Afgesonderde Plek in te gaan deur die bloed van Yeshua
- 20 en deur die metode van Lewe, wat ons vernuwe het binne die skeidingsgordyn, wat Sy liggaam is
- 21 en ons het ’n Groot nie-Levitiese Priester oor die huis van God. ^{Yir 33:21-22}
- 22 Laat ons nader gaan met ’n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertrouwe terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van ’n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. ^{Yeg 36:25; Ps 24:3-6}
- 23 Laat ons vashou aan die belydenis van ons versekerde verwagting en nie wankel nie, want Hy wat dit belooft het, is vertrouenswaardig.
- 24 Neem mekaar in ag deur mekaar aan te moedig deur liefde en goeie werke.
- 25 Ons moenie ons byeenkomste, soos die gewoonte vir elke persoon is, staak nie, maar kyk uit vir mekaar, al hoe meer namate julle daardie dag sien nader kom,
- 26 want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie ’n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,
- 27 maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer. ^{Yes 26:11}
- 28 As iemand teen die wet van Mosheh oortree het, sterf hy op die getuienis van twee of drie sonder oorsien. ^{Deut 17:6; 19:15}

- 29 Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het?
- 30 Ons ken Hom wat gesê het: “My kom die wraak toe, Ek sal terugbetaal,” sê יהוה; en weer: “יהוה” sal Sy volk oordeel.” ^{Deut 32:35}
- 31 Dit is verskriklik erg om in die hande van die lewende God te val.
- 32 Onthou daarom die eerste dae waarin julle die doop ontvang het en julle ’n groot stryd van lyding deurstaan het met skande en droefheid
- 33 en julle ’n bespotting gemaak is omdat julle deelgenote geword het van die wat hierdie dinge deurgemaak het
- 34 en dit ook vir julle pynlik was, saam met die wat gevange geneem is en julle die berowing van julle goed met blydschap aanvaar het omdat julle geweet het dat julle ’n beter besitting het in die hemel, wat nie verbygaan nie.
- 35 Moet daarom nie julle vrymoedigheid weggooi nie, want daar kom ’n groot beloning daarvoor,
- 36 want julle het geduld nodig om die wil van God te doen en die belofte te ontvang,
- 37 want daar is baie min tyd voordat Hy wat kom, sál arriveer en nie talm nie.
- 38 “Die onskuldiges sal vanuit My vertrouwe lewe en as hy dit opgee, is Ekself nie met hom tevrede nie.” ^{Hav 2:3-4}
- 39 Ons is nie wanhopig, wat lei tot vernietiging, nie, maar in vertrouwe, wat aan ons lewe gee.
- 11** 1 Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, ^{Hav 2:4; Ps 89:19} asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie,
- 2 want deur dít was daar ’n getuienis vir die mense van ouds.
- 3 Deur vertrouwe ^{Gen 1:1-3,6,9,14,20,26; Ps 33:6} verstaan ons dat die wêreld gevorm is deur die woorde van God en die dinge wat gesien kan word, bestaan vanuit die wat nie gesien kan word nie.
- 4 Deur vertrouwe het Hevel ’n baie beter offer aan God gebring as Kayin, waardeur daar vir hom ’n getuienis is dat hy onskuldig is en God self getuig oor sy offer en as gevolg daarvan praat hy steeds terwyl hy dood is. ^{Gen 4:3-10}
- 5 Deur vertrouwe is Hanokh weggevat om die dood nie te sien nie en hy is nie gekry nie omdat God hom weggevat het, want voordat hy weggevat is, was daar van hom die getuienis dat hy God tevrede gestel het. ^{Gen 5:24}
- 6 Sonder vertrouwe kan geen mens Hom tevrede stel nie, ^{Num 14:8,11} want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek. ^{Mar 9:23; Rom 1:17}
- 7 Deur vertrouwe het Noag, toe daar met hom gepraat is oor die dinge wat nog nie gesien is nie, aanbid en die ark vir homself gebou vir die lewe van die seuns in sy huishouding, waardeur hy die wêreld veroordeel het en hy die erfgenaam geword het van onpartydige opregtheid, wat in vertrouwe is.

- 8 Deur vertrouwe het Avraham, toe hy geroep is, ^{Gen 12:1-5} gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy, deur te gaan, as 'n erfenis sou ontvang en het hy uitgegaan sonder om te weet waarheen hy gaan. ^{Neg 9:7-8}
- 9 Deur vertrouwe het hy as 'n vreemdeling gaan bly in die land wat aan hom belowe is en in tente gebly saam met Yitz'gak en Ya'akov, seuns van sy erfenis van die belofte, ^{Gen 12:8; 13:15}
- 10 want hy het die stad met fondasies deur God, die Argitek en Bouer, verwag.
- 11 Deur vertrouwe het Sarah, wat onvrugbaar was, ook die vermoë ontvang om bevrug te word en toe sy oor die leeftyd was, het sy geboorte gegee omdat sy seker was dat Hy wat dit belofte het, vertrouenswaardig is;
- 12 daarom is daar ook uit een wat gefaal het in ou ouderdom, soveel soos die sterre van die hemel en soos die sand aan die seestrand, ^{Gen 15:5-6; 22:17; Deut 1:10} wat nie getel kan word nie, gebore.
- 13 In vertrouwe is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is, ^{Gen 47:9}
- 14 want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle 'n stad soek.
- 15 As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,
- 16 maar nou is dit duidelik dat hulle na 'n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad voorberei.
- 17 Deur vertrouwe het Avraham, toe hy getoets is, Yitz'gak geoffer en sy enigste seun op die altaar gelê; hom wat hy as die belofte ontvang het,
- 18 aan wie gesê is: "In Yitz'gak sal jou nageslag genoem word." ^{Gen 21:12}
- 19 Hy het vrede gemaak in homself dat dit in God se hand is om uit die dood uit op te wek, waaruit hy hom ook, om 'n vergelyking te maak, terug ontvang het.
- 20 Deur vertrouwe van wat nog moet gebeur, het Yitz'gak vir Ya'akov en 'Esav geseën.
- 21 Deur vertrouwe het Ya'akov toe hy sterwend was, al die seuns van Yosef geseën en neergebuig op die knop van sy staf. ^{Gen 47:31}
- 22 Deur vertrouwe het Yosef, toe hy sterwend was, gepraat van die uittog van die seuns van Yisra'el en opdrag gegee aangaande sy gebeente. ^{Gen 50:24,25}
- 23 Deur vertrouwe het Mosheh se ouers hom, ná sy geboorte, drie maande lank weggesteek toe hulle gesien het dat die kind mooi was ^{Eks 2:1-10} en hulle was nie bang vir die opdrag van die koning nie.
- 24 Deur vertrouwe het Mosheh, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word.
- 25 Hy het vir homself verkies om in droefheid saam met die mense van God te wees, eerder as om vir 'n kort tydjie sonde te geniet ^{Eks 2:11}
- 26 en die belediging van dié Gesalfde Een groter rykdom geag as die skatte van Mitrayim, want hy het gefokus op die uitbetaling van die beloning.

- 27 Deur vertrou die hy weggegaan uit Mitzrayim, sonder om bang te wees vir die woede van die koning, want hy het uitgehou soos een wat God, die Onsienlike, sien.
- 28 Deur vertrou die hy die Pesag gehou en die bloed gesprinkel sodat hy wat die eersgeborenes vernietig het hulle nie kon aanraak nie.
- 29 Deur vertrou die hulle deur die Sufsee gegaan soos oor droë grond terwyl die Mitzrayimiete, toe hulle dit gewaag het, ingesluk is.
- 30 Deur vertrou die die mure van Yerigo geval nadat dit vir sewe dae omring was.
- 31 Deur vertrou die Ragav, die hoer, nie saam met die ongelowiges vergaan nie omdat sy die spioene in vrede ontvang het.
- 32 Wat sal ek nog meer sê? Daar is te min tyd om te vertel van Gid'on, Barak, Shimshon, Yiftag, Dawid, Sh'mu'el en die ander profete,
- 33 wat deur vertrou koninkryke oorwin en regverdige oordeel gebring het, beloftes ontvang het, die bekke van leus toegemaak het, ^{Dan 6:23; 11:33}
- 34 die krag van vuur uitgeblus het, die skerp van die swaard ontvlug het, versterk is vanuit siekte, kragtig in geveg geword en die kampe van die vyand omvergewerp het.
- 35 Hulle het aan vroue hulle seuns gegee wat opgestaan het uit die dood uit en ander is deur marteling dood, sonder om bevryding te verwag sodat hulle 'n beter opstanding kan verkry.
- 36 Ander het die toets van bespottings en géselinge deurstaan, ander is aan kettings en selle oorgegee,
- 37 ander is gestenig, ander is in die helfte deurgesaag, ander is deur die swaard dood, ander het rondgeloop in skaap- en in bokvelle, het gebrek gely, is verdruk en geslaan.
- 38 Die wêreld was hierdie mense nie waardig nie; hulle was soos rondlopers in verlate plekke, op berge, in grotte en gate in die grond
- 39 en alhoewel hulle almal getuigenis van vertrou gehad het, het hulle die belofte nie ontvang nie
- 40 omdat God vooruit gesien het om ons te help sodat hulle nie sonder ons die volmaaktheid sou bereik nie.
- 12** 1 As gevolg hiervan, laat ook ons, wat so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, elke las en die sonde wat altyd gereed is vir ons, afgooi en met aanhoudende geduld die resies hardloop wat voor ons lê
- 2 en laat ons die oë hou op Yeshua, die Ontwerper en Voltooier van ons vertrou, wat ter wille van die vreugde, die kruis verdra het, die skande ignoreer het en sit op die regterkant van die troon van God. ^{Ps 110:1}
- 3 Let op, daarom, hoeveel Hy van sondaars, hulle wat teëstaanders van hulle eie lewe is, deurstaan het sodat julle nie in juiself onverskillig word en julle lewe verswak nie.
- 4 Julle het tot nou toe nog nie met bloed weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie

- 5 en julle het weggedwaal van die lering wat tot julle as seuns praat: “My seun, moenie wegdraai van die vasgestelde pad van ^{Lev 26:23,28; 1 Kor 11:32} of verslap in jou lewe as jy deur Hom gedissiplineer word nie,
- 6 want ^{Ps 39:12; Spr 3:11-12; 13:24} dissiplineer hom wat Hy lief het en Hy ontvang hulle met wie Hy tevrede is.
- 7 Verduur daarom die dissipline, want God behandel julle as seuns. Watter seun word nie deur sy vader gedissiplineer nie? ^{Ps 94:12}
- 8 As julle nie gedissiplineer word, soos elke persoon gedissiplineer word nie, dan is julle vreemdelinge en nie seuns nie.
- 9 As ons ons vleeslike vaders, wat ons na die menslike liggaam dissiplineer, respekteer; hoeveel te meer is ons nie verskuldig om ons aan ons geestelike Vader te onderwerp nie en ons sal lewe?
- 10 Want hulle het ons wel ’n kort tydjie, soos hulle wil, gedissiplineer, maar God tot ons voordeel sodat ons kan deel in Sy Afgesonderdheid. ^{Ps 118:18}
- 11 Elke dissiplinering, die oomblik wat dit gedoen word, lyk egter nie na ’n saak van blydschap nie, maar van treurigheid, maar later lewer dit vrugte van vrede en van onpartydige opregtheid op, deur dié wat deur Hom afgerig is. ^{Spr 13:18; 15:31-33; Ya’a 3:18}
- 12 Versterk daarom jou hande en versterk die lam knieë ^{Yes 35:3}
- 13 en maak reguit paaie vir julle voete ^{Spr 4:26} sodat die lede wat kreupel is, nie wegval nie, maar gesond gemaak word.
- 14 Jaag vrede na met elke mens en jaag afgesonderdheid na, waarsonder niemand ons Meester sal sien nie.
- 15 Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat ’n wortel van bitterheid ^{Deut 29:18} ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie,
- 16 of dat iemand onder julle as seksuele oortreder en losbandig gevind word, soos ‘Esav, wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het, nie,
- 17 want julle weet dat hy, toe hy daarna die seën wou erf, verwerp is omdat hy geen herstel gevind het nie, al het hy dit met trane gesoek.
- 18 Hulle het nie nader gekom na die vuur wat brand en wat aangeraak kan word nie en ook nie na die duisternis, die donker mis, of die storm,
- 19 die klank van die ramshoring en die geluid van stemme, wat die hoorders verwerp het nie sodat dit nie bygevoeg sou word om met hulle te praat nie,
- 20 want hulle kon niks van die opdrag verdra nie: “selfs as ’n dier die berg aanraak, moes dit gestenig word.” ^{Eks 19:12-13}
- 21 So vreeslik was die gesig dat Mosheh gesê het: “Ek is bang en wankelend.” ^{Deu 9:19}
- 22 Julle het egter gekom by die berg Tziyon en die stad van die lewende God, die hemelse Yerushalayim en vergadering van tien duisende engele, ^{Yeg 40:2}
- 23 by die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is en by God, die Regter van almal en by die geeste van die onskuldiges wat volmaak gemaak is
- 24 en by Yeshua, die Tussenganger van die nuwe verbond en die sprinkeling van bloed wat duideliker praat as dié van Hevel.

- 25 Pas op, daarom, dat julle Hom wat met julle praat, nie verwerp nie, want as hulle wat Hom verwerp, nie ontvlug het toe Hy op aarde met hulle gepraat het nie, hoeveel te meer óns wat Hom verwerp, nou dat Hy vanuit die hemel praat;
- 26 Wie se stem die aarde geskud het, maar nou het Hy belowe en gesê: “Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde skud nie, maar ook die hemel.” ^{Hag 2:6; Mat 24:29; Mar 13:25}
- 27 Hierdie woord: ‘nog een maal,’ wys duidelik op die verandering van die dinge wat geskud word sodat die wat nie geskud kan word nie, kan oorbly.
- 28 Omdat ons daarom die Koninkryk ontvang het wat onskudbaar is, sal ons onverdiende guns ontvang, waardeur ons God sal dien en tevrede stel in respekvolle vrees en in aanbidding, ^{1 Kef 2:5}
- 29 want ons God is ’n Verterende Vuur. ^{Eks 24:17; Deut 4:24; Deut 9:3; Yes 33:14}

- 13** 1 Laat die liefde vir broers voortgaan tussen julle.
- 2 Vergeet nie die goedheid teenoor vreemdelinge nie, want daardeur was sommige waardig om onwetend, boodskappers te onthaal.
- 3 Onthou dié wat gevange geneem is, asof julle saam met hulle gevang is en dié wat mishandel word, as mense wat self liggame het.
- 4 Die huwelik is eerbaar in alle opsigte en hulle bed is rein, maar God sal seksuele oortreders en egbrekers oordeel. ^{Deut 23:1}
- 5 Julle gedagtes het nie geld liefgehad nie, maar laat, wat julle ook al het, vir julle genoeg wees, want ^{לֹאֵלֶיךָ} het gesê: “Ek sal jou nooit in die steek laat en jou hand laat los nie.” ^{Deut 4:31; Deut 31:6,8; Y’ho 1:5; Yes 49:14,15; Yir 51:5; 1 Kro 28:20}
- 6 Ons sê met vrymoedigheid: “My Meester is my Helper, ek sal nie vrees nie; wat sal ’n mens aan my doen?” ^{Ps 27:1; Ps 118:6}
- 7 Onthou julle gidse, die wat die boodskap van God aan julle verkondig; kyk na die resultate van hulle optrede en volg hulle vertrou na.
- 8 Yeshua, dié Gesalfde Een, is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde.
- 9 Moenie gelei word deur vreemde en veranderlike leringe waarvan die wat daarin leef, geen voordeel het nie, want dit is goed dat die verstand, wil en emosie versterk word deur onverdiende guns, nie deur kos nie.
- 10 Ons het ’n altaar, waarvan dié wat die Tabernakel bedien, geen outoriteit het om van te eet nie.
- 11 Die diere, waarvan die bloed ter wille van die sonde, deur die hoofpriester in die afgesonderde plek ingedra word, ^{Lev 16:27} se liggame word buitekant die kamp verbrand;
- 12 daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;
- 13 daarom moet ons ook uitgaan na Hom toe, buitekant die kamp, terwyl ons Sy skande dra,
- 14 want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons kyk uit vir die één wat kom.
- 15 Laat ons, deur Hom, altyd aan God ’n loffer bring, wat die vrug van die lippe is wat dank bring aan Sy Karakter en Outoriteit. ^{Rom 1:21}
- 16 Vergeet ook nie liefdadigheid en om te deel met die armes nie, want met sulke offers stel ’n mens God tevrede. ^{Ya’a 1:27}

- 17 Wees gehoorsaam aan julle leiers en onderwerp julle aan hulle sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie met klagtes nie, want dit is nie vir julle tot voordeel nie, want hulle hou wag oor julle lewens, ^{Yir 29:7; Luk 10:16; Rom 13:1-7; 1 Kor 11:3} as mense wat rekenskap moet gee.
- 18 Hou aan bid vir ons, want ons vertrou dat ons 'n goeie gewete het omdat ons in alles goed wil leef,
- 19 maar, spesiaal vra ek julle, om dit te doen sodat ek gouer na julle toe kan terugkom.
- 20 Die God van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, wat die groot Herder van die skape, Yeshua, dié Gesalfde Een, ons Meester, deur die bloed van die ewige verbond uit die dood uit gebring het;
- 21 Hy sal julle volmaak maak ^{Mat 5:48; 2 Tim 3:17} in elke goeie daad, om Sy wil te doen en Hy sal in ons alles wat uitstekend is voor Hom, deur Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Wie die lof, eer en waarde toekom tot in tydlose ewigheid, uitvoer! Dit is waar!
- 22 Ek doen 'n beroep op julle, broers, wees geduldig in julle gees met die boodskap van opheffing, want ek het maar kort aan julle geskryf.
- 23 Weet dat ons broer Timoteos vrygelaat is en, as hy gou kom, sal ek julle saam met hom sien.
- 24 Stuur vrede vir al julle leiers en al die afgesonderdes. Almal wat van Italië is, groet julle.
- 25 Die onverdiende guns bly by julle almal! Dit is waar.

Die sewe-en-twintigste boek van die Nuwe Verbond

Die Openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een, soos gegee
aan Yoganan, een van die twaalf afgevaardigdes van
Yeshua.

Gilyana

(Openbaring)

Dit is rondom die jaar 55, op die eiland Patmos, waarheen
Yoganan deur Keiser Nero verban is, geskryf.

In Afrikaans vertaal vanuit “John Gwynn’s edition of the General Epistles
from The Crawford Aramaic manuscript,” vanuit Aramees -
die taal wat Yeshua gepraat het.

- 1 1 Die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een, wat God aan Hom gegee het om aan Sy diensknegte te wys, wát gegee is om gou te gebeur en wat Hy simbolies verduidelik het toe Hy dit deur Sy boodskapper aan Sy dienskneg Yoganan gestuur het;
- 2 hy wat getuig het van die boodskap van God en van die getuienis van Yeshua, dié Gesalfde Een; alles wat hy gesien het.
- 3 Sy seën aan dié een wat die boodskap van dié profesie lees en aan dié wat dit hoor en doen wat daarin geskryf is, ^{Eks 24:7} want die tyd is naby.
- 4 Yoganan, aan sewe gemeentes in Asië: onverdiende guns vir julle en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van Hom wat is en wat was en wat kom, ^{Eks 3:14} van die sewe Geeste wat voor Sy troon is ^{Yes 11:2}
- 5 en van Yeshua, dié Gesalfde Een, die betroubare Getuie, die Eersgeborene uit die dood en die Heerser oor die konings van die aarde; Hy wat ons lief het, ons van ons sondes losgemaak het deur Sy bloed ^{Yes 49:6-8, 26}
- 6 en ons 'n koninkryk van priesters ^{Yes 61:6; 1 Kef 2:5,9} gemaak het vir God, Sy Vader, aan Hom die eer, lof, grootheid en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar.
- 7 Let op, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het ^{Mar 14:62; Luk 24:51; Hand 1:11} en al die families van die aarde sal oor Hom rou. Ja, dit is waar! ^{Z'kh 12:10,12,14}
- 8 “Ek is die Alef en ook die Tau,” sê יהוה -God; Hy wat is en wat was ^{Eks 3:14} en wat kom; Hy wat alles vashou.
- 9 Ek is Yoganan, julle broer en deelgenoot in die lyding en in die volharding wat in Yeshua is. Ek was op die eiland wat Patmos genoem word as gevolg van die boodskap van God en as gevolg van die getuienis van Yeshua, dié Gesalfde Een.
- 10 Ek was in die Gees op die eerste dag van die week en ek het agter my 'n harde Stem gehoor, soos van 'n ramshoring,
- 11 wat sê: “Skryf wat jy sien in 'n rol en stuur dit vir sewe gemeentes: na Efesos, Smurna, Pergamos, Thuateira, Sardis, Filadelfeia en Laodikeia.”
- 12 Ek het omgedraai om uit te vind watter Stem met my gepraat het en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelare
- 13 en tussen die kandelare, Een wat lyk soos 'n mens, met 'n skouerkleed aan en met 'n goue gordel ^{Eks 28} om die bors.
- 14 Sy kop en hare was wit, soos wol en soos sneeu; Sy oë soos vlamme van vuur;
- 15 Sy voete soos brons vanaf L'vanon wat gesuiwer is in 'n oond en Sy stem soos die klank van baie water. ^{Yeg 1:24; 43:2}
- 16 Hy hou sewe sterre vas in Sy regterhand; 'n skerp swaard het uit Sy mond ^{Yes 49:1-3} uitgegaan ^{Open 2:12,16; 19:15-21} en ek het Hom gesien soos die son wat verskyn in sy volle krag.
- 17 Toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete ^{Yeg 1:28} en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: “Moenie bang wees nie, want Ek is die Eerste en die Finale
- 18 en die Lewende ^{Y'ho 3:10; Ps 42:3; 84:3} en Ek was dood en let op, Ek leef vir tydlose ewigheid. Dit is waar. Ek het die sleutels van Sh'ol ^{Yeg 37:13; Hos 13:14} en van die dood.
- 19 Skryf daarom neer alles wat jy gesien het, dié wat reeds is, sowel as dié wat hierna gaan gebeur.

20 Die geheim van daardie sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het en die sewe goue kandelare: die sewe sterre is die boodskappers van sewe gemeentes en die sewe kandelare wat jy gesien het, is sewe gemeentes.

21 Skryf vir die boodskapper van die gemeente in Efesos: ‘Dit sê Hy wat sewe sterre in Sy hand hou, wat loop tussen die goue kandelare:

2 “Ek ken jou daade, jou harde werk en jou geduld, dat jy bese mense nie kan verdra nie en dat jy dié getoets het wat sê dat hulle afgevaardigdes is en dit nie is nie en gevind het dat hulle vals is

3 en dat jy volhard en uithou ter wille van My Karakter en Outoriteit (Naam) en nie moeg geword het nie, Luk 21:19; 1 Yog 5:13

4 maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

5 Onthou van waaruit jy gekom het en doen die daade van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie,

6 maar dit het jy, dat jy die daade van Nikolaita haat, wat Ek ook haat.”

7 Hy wat ore het, luister wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan die wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die Boom-van-die-Lewe, wat in God se paradys is.” Gen 2:9; Spr 3:18; Luk 21:19; Open 22:14

8 Skryf vir die boodskapper van die gemeente in Smurna: ‘Dit sê die Eerste en die Finale, wat dood was en lewe:

9 “Ek ken jou lyding en jou armoede, maar jy is ryk; Ek ken ook die kwaadpraat van dié wat sê dat hulle Jode van Y’hudah is terwyl hulle dit nie is nie, maar deelgenote van die teëstander.

10 Moenie bang wees vir enige iets wat jy gaan ly nie. Let op, die teëstander gaan sommige van julle in die tronk gooi om getoets te word en julle sal tien dae lank lyding hê. Wees vol vertroue tot die dood toe en Ek sal vir jou ’n kroon van lewe gee”.

11 Hy wat ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: “Die wat volhard totdat die oorwinning behaal is, sal nie deur die tweede dood seergemaak word nie”.

12 Skryf vir die boodskapper wat in die gemeente in Pergamos is: ‘Dit sê Hy wat die skerp swaard met twee snykante het: Yes 49:2; Open 1:16; 2:16; 19:15-21

13 “Ek ken die plek waar jy bly, waar die troon van die teëstander is, dat jy steeds vashou aan My Karakter en Outoriteit en My vertroue nie verwerp het nie; in die tyd toe jy en My getroue getuie gestry het namens al My getroue getuies, is hy vermoor tussen julle,

14 maar Ek het sekere dinge teen jou: dat jy mense daar het wat vashou aan die leer van Bil’am, wat vir Balak geleer het om ’n struikelblok voor die seuns van Yisra’el te gooi, om offers aan afgode te eet en om seksueel immoreel te wees. Deut 23:1

15 Jy het ook, net so, mense wat vashou aan die leer van Nikolaita.

16 Draai daarom terug, anders kom Ek dadelik op jou af en sal met die swaard van My mond teen julle oorlog maak.” Yes 49:2; Open 1:16; 2:12; 19:15-21

- 17 Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan hom wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die versteekte ‘man hu’ en Ek sal vir hom 'n wit klippie gee en op dié klippie is 'n nuwe naam (karakter en outoriteit) geskryf wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit kry”.¹ Yes 62:2; 65:15
- 18 Skryf vir die boodskapper wat in die gemeente in Thuateira is: ‘Dit sê die Seun van God; Hy wat oë het soos vlamme van vuur en voete soos brons van die L’vanon:
- 19 “Ek ken jou dade, jou liefde, jou vertroue, jou dienswerk, jou volharding en dat jou dade nou meer is as aan die begin,
- 20 maar Ek het baie teen jou, want jy laat jou vrou, Izevel, wat van haarself sê dat sy 'n profetes is, toe om My diensknegte te leer¹ Tim 2:12 en hulle te mislei om seksueel immoreel te wees en om offers aan afgode te eet
- 21 en Ek het haar tyd gegee om te erken en weg te draai na God toe en sy het gekies om nie van haar seksuele immoraliteit af weg te draai nie.
- 22 Let op, Ek gooi haar en dié wat met haar hoereer, in 'n kis, in groot lyding, as hulle nie hulle dade erken en wegdraai na God toe nie
- 23 en haar seuns sal Ek doodmaak in die dood en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat die niere, verstand, wil en emosie deursoek en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy dade.
- 24 Ek sê vir julle ander wat in Thuateira is, almal wat nie hierdie leer vashou en nie ‘die dieptes van die teëstander ken,’ soos hulle dit noem, nie: Ek sal geen ander las op julle lê nie.
- 25 Hou daarom net vas totdat Ek kom.
- 26 Aan hom wat volhard totdat die oorwinning behaal is en My dade doen, sal Ek outoriteit gee oor die nasies,
- 27 om vir hulle 'n herder te wees met 'n ysterstaf. Soos erdegoed sal jy hulle stukkend slaan, want net so het Ek ook van My Vader ontvang^{Ps 2:9; Open 19:15}
- 28 en Ek sal vir hom die môrester gee.
- 29 Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê.’
- 3** 1 Skryf vir die boodskapper wat in die gemeente in Sardis is: ‘Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God^{Yes 11:2} en sewe sterre het: “Ek ken jou dade, dat jy 'n naam het dat jy leef, maar dat jy dood is.
- 2 Wees waaksaam en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om dood te gaan, want Ek het jou dade onvolmaak voor God gevind.
- 3 Onthou hoe jy ontvang en gehoor het en doen dit en keer terug. As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou sal afkom nie,^{2 Kef 3:10; 1 Thes 5:2}
- 4 maar daar is vir My 'n paar name in Sardis wat nie hulle klere bevuil het nie en hulle loop voor My in wit klere en hulle is waardig.
- 5 Hy wat op hierdie manier volhard totdat die oorwinning behaal is, sal aangetrek word met wit klere en Ek sal nie sy naam uitvee uit die boekrol van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele.
- 6 Wie ook al 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.’

- 7 Skryf aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfeïa: Dít sê HaKadosh (die Afgesonderde Een), die Waarheid; Hy wat die sleutel van Dawid het; Die Een wat oopmaak en daar is niemand wat sluit nie en sluit en daar is niemand wat oopmaak nie. ^{Yes 22:22}
- 8 “Ek ken jou dade. Let op, Ek het voor jou ’n oop deur gegee en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My boodskap uitgevoer en My Karakter en Outoriteit nie verwerp nie.
- 9 Let op, Ek kies uit die bymekaarkomplek van die teëstander, van dié wat van hulleself sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg. Let op, Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerval en weet dat Ek jou lief het
- 10 omdat jy My boodskap van volharding uitgevoer het, sal Ek jou ook beskerm in die tyd van toetsing, wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde te toets.
- 11 Ek kom gou! Hou vas wat jy het sodat iemand nie dalk jou kroon wegvat nie.
- 12 Wie volhard totdat die oorwinning behaal is, sal Ek ’n pilaar in die tempel van God maak en hy sal daar nie weer uitgaan nie en Ek sal op hom die Naam van My God en die naam van die stad, die nuwe Yerushalayim, wat vanaf My God afdaal en My nuwe Naam, skryf.
- 13 Die een wat ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.’
- 14 Skryf vir die boodskapper van die gemeente van die Laodikeïne: ‘Dít sê die Versekerde Waarheid, die Vertrouenswaardige en ware Getuie en die Hoof van die skepping van God:
- 15 Ek ken jou dade, dat jy nie koud of warm is nie, want dit is nodig dat jy of koud sal wees, of warm
- 16 en jy is lout en nie koud of warm nie. Ek gaan jou uit My mond uitspoeg,
- 17 want jy sê: ‘Ek is ryk en welvarend’ ^{Deut 8:17,18; Yir 9:22,23; Hos 12:9} en het niks nodig nie’ en jy verstaan nie dat jy siek, bejammeringswaardig, arm en kaal is nie.
- 18 Ek beveel aan dat jy van My goud, wat deur vuur gesuiwer is, koop sodat jy voorspoedig kan word en wit kleres sodat jy jou kan aantrek en die skande van jou kaalheid nie gewys word nie en oogsalf om jou te salf sodat jy kan sien.
- 19 Ek bestraf en dissiplineer dié wat Ek lief het. ^{Heb 12:5-13} Wees daarom ywerig en keer terug.
- 20 Let op, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en luister en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom eet en hy met My.
- 21 Aan hom wat volhard totdat die oorwinning behaal is, sal Ek gee om saam met My op My troon te sit, net soos Ek die oorwinning behaal het en saam met My Vader op Sy troon sit.
- 22 Wie ook al ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê.”
- 4** 1 Let op, ná hierdie dinge het ek ook ’n oop deur in die hemel gesien en die eerste Stem, wat ek soos ’n ramshoring met my hoor praat het, het gesê: “Kom op hierheen en Ek sal jou wys wat bepaal is om ná hierdie dinge te gebeur.”
- 2 Dadelik was ek in die Gees en, let op, daar staan ’n troon in die hemel en op die troon sit Hy!

- 3 Hy wat daarop sit het soos die stene rooi-kwarts-jaspis en rooi en wit sardius (robyne) gelyk en rondom die troon, wat gelyk het soos 'n smarag, was 'n reënboog.
- 4 Rondom die troon was daar vier en twintig trone en op die trone het die vier en twintig oudstes gesit, aangetrek in wit klere en met goue krone op hulle koppe
- 5 en daar het weerligte, donderslae en stemme vanuit die troon uitgegaan en sewe brandende lampe was voor dit, wat die sewe Geeste van God is. ^{Yes 11:2}
- 6 Voor die troon was daar 'n see van glas wat soos kristal gelyk het en in die middel, rondom die troon, was daar vier wesens vol oë van voor en van agter.
- 7 Die eerste wese was soos 'n leeu, die tweede wese het gelyk soos 'n kalf, die derde wese het 'n gesig gehad soos van 'n mens en die vierde wese het gelyk soos 'n arend wat vlieg. ^{Yeg 1:10}
- 8 Die vier wesens het gestaan en elkeen het ses vlerke aangeheg gehad, wat rondom en van binne vol oë was en hulle het dag en nag nie stilgebly nie en gesê: “Afgesonderd, Afgesonderd, Afgesonderd is יהוה-God wat alles vashou; Hy wat is en wat was en wat kom!” ^{Eks 3:14}
- 9 Wanneer die wesens eer, lof, aanbidding, waarde en aanvaarding van onverdiende guns gee aan Hom wat op die troon sit, wat vir tydlose ewigheid lewe, dit is waar,
- 10 val die vier en twintig oudstes neer voor Hom wat op die troon sit en aanbid die Lewende Een tot in tydlose ewigheid, dit is waar. Hulle gooi hulle krone voor die troon terwyl hulle sê:
- 11 “U is waardig, ons Meester en ons God, om die eer, lof, aanbidding en die krag te ontvang, want U het alles geskep en vir U plesier bestaan hulle en is hulle geskep.”
- 5** 1 Ek het aan die regterkant van Hom wat op die troon sit, 'n boekrol gesien, met binne en buite op geskryf en met sewe seëls verseël
- 2 en ek het 'n ander kragtige boodskapper gesien, wat met 'n harde stem verkondig: “Wie is waardig om die boekrol oop te maak en sy seëls los te breek?”
- 3 Niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boekrol of sy seëls oop te maak, of daarin te kyk nie ^{Yes 59:16; 63:5}
- 4 en ek het baie gehuil omdat daar niemand waardig gevind is om die boekrol oop te maak of sy seëls los te breek nie.
- 5 Een van die oudstes sê vir my: “Moenie huil nie. Let op, die Leeu vanuit die stam van Y'hudah, ^{Gen 49:9-10} die wortel van Dawid, ^{Yes 11:1-10} is waardig om die boekrol en sy sewe seëls oop te maak.”
- 6 Ek het gesien, let op, tussen die troon, die vier wesens en die oudstes, staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, ^{Yes 53:7-8} met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is, wat uitgestuur is oor die hele aarde.
- 7 Hy het gekom en die boekrol gevat uit die hand van Hom wat op die troon sit.
- 8 Toe Hy die boekrol ontvang het, val die vier wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met 'n snaarinstrument en 'n goue bak vol soet speserye, wat die gebede van die afgesonderdes is,

- 9 wat 'n nuwe lofprysingslied sing ^{Ps 98:1} en sê: "U is waardig om die boekrol op te tel en sy seëls los te maak, want U is doodgemaak en het ons vanuit elke stam, volk en nasie, met U bloed, vir God losgekoop ^{Hand 10:35}
- 10 en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal oor die aarde heers." ^{Gen 1:26,28; Eks 19:6; Yes 61:6; 1 Kef 2:5,9}
- 11 Ek sien en hoor die stemme van baie engele rondom die troon en van die wesens en die ouderlinge en hulle getalle was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende
- 12 en hulle het met 'n harde stem gesê: "Die Lam wat doodgemaak is, is waardig om die krag, rykdom, wysheid, mag, eer, lof, grootheid en seën te ontvang."
- 13 Elke skepsel wat in die hemel, op die aarde, onder die aarde en in die see is; alles wat daarin is, het ek gehoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam: Seën, eer, lof, grootheid en heerskappy vir tydlose ewigheid!" ^{Dan 7:9-14; Yog 16:14; 17:10}
- 14 Toe die vier wesens sê: "Dit is waar!" val die vier en twintig oudstes neer en betoon eer aan Hom.
- 6** ^{1 Z'kh 6:2-3} Ek het gesien toe die Lam die eerste van die seëls oopmaak en ek het een van die vier wesens, met 'n stem soos die van 'n donderslag, hoor sê: "Kom en kyk!"
- 2 Ek het gehoor en gesien, let op, daar was 'n wit perd en hy wat daarop sit, het 'n boog en aan hom is 'n kroon gegee en hy het uitgegaan om te oorwin en het oorwin en oorwinning gegee.
- 3 Toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede wese sê: "Kom!"
- 4 'n Perd, 'n rooie, het uitgegaan en aan hom wat daarop sit, is gegee om die vrede van die aarde af weg te vat sodat elkeen sou doodmaak en 'n groot swaard is aan hom gegee.
- 5 Toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde wese sê: "Kom!" Let op, 'n swart perd en hy wat daarop sit, het 'n weegskaal in sy hand
- 6 en ek het 'n stem tussen die vier wesens hoor sê: "'n Kilogram graan vir 'n denarion en drie kilogram gars vir 'n denarion en moenie die olyfolie en die wyn beskadig nie."
- 7 Toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde wese sê: "Kom!"
- 8 Ek het gesien en let op, daar was 'n bleek perd en hy wat daarop sit se karakter en outoriteit is 'Dood' en Sh'ol het by hom aangesluit. Aan hom is outoriteit gegee om 'n kwart van die wêreld dood te maak met die swaard, hongersnood, dodelike siektes en deur die wilde diere van die aarde.
- 9 Toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die geeste van dié wat vermoor is ter wille van die boodskap van God en ter wille van die getuienis wat hulle van Yeshua gehad het
- 10 en hulle het met 'n harde stem uitgeroep en gesê: "אָנִי, Afgesonderd en Waar, hoe lank nog voordat U die inwoners van die aarde gaan oordeel en terugbetaal vir ons bloed?" ^{Ps 79:10}

- 11 Aan elkeen van hulle is lang wit klere gegee en gesê dat hulle nog 'n klein rukkie moes rus totdat die volle getal van hulle deelgenote en broers, wat ook nog doodgemaak sou word, net soos hulle, bereik sou word.
- 12 Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het en daar het 'n groot aardbewing gekom, die son het swart geword soos 'n harige sak, die maan het volkome soos bloed geword,
- 13 die sterre van die hemel het bo die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word sy na-vye laat afval;
- 14 die hemele is verdeel en soos boekrolle opgerol, al die berge en eilande is van hulle plekke af beweeg
- 15 en die konings van die aarde, die prinse, die kapteins oor duisend, die rykes, die magtiges, al die slawe en al die vrymense het weggekrui in die grotte en tussen die rotse van die berge
- 16 en vir die berge en die rotse gesê: “Val op ons en steek ons weg ^{Hos 10:8} van die Teenwoordigheid van die Lam, ^{Yog 5:22; Hand 17:31; Rom 2:16}
- 17 want die groot dag van Sy wraak ^{Yes 2:12; Yir 46:10; Tz'f 1:18; 2:2-3} het gekom en wie is in staat om te staan?”

- 7** 1 Ná hierdie dinge het ek vier boodskappers oor die vier hoeke van die aarde sien staan en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou sodat die wind nie sou waai oor die aarde of oor die see of oor enige boom nie.
- 2 Ek het ook 'n ander boodskapper sien opkom vanuit die opkomende son (ooste) met die seël van die lewende God en hy het met 'n harde stem geroep na die vier boodskappers aan wie dit gegee is om die aarde en die see skade te berokken
- 3 en gesê: “Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van ons God tussen hulle oë ^{Yeg 9:4} verseël het nie.”
- 4 Ek het die getal van die verseëldes gehoor: ^{Z'kh 9:14-16} een honderd vier en veertig duisend vanuit al die stamme van Yisra'el:
- 5 Uit die stam van Y'hudah twaalf duisend;
uit die stam van Re'uven twaalf duisend;
uit die stam van Gad twaalf duisend;
- 6 uit die stam van Asher twaalf duisend;
uit die stam van Naftali twaalf duisend;
uit die stam van M'nasheh twaalf duisend;
- 7 uit die stam van Shim'on twaalf duisend;
uit die stam van Levi twaalf duisend;
uit die stam van Yissakhar twaalf duisend;
- 8 uit die stam van Z'vulun twaalf duisend;
uit die stam van Yosef twaalf duisend;
uit die stam van Binyamin twaalf duisend verseëldes.
- 9 Ná hierdie dinge het ek 'n menigte uit alle volke, stamgroepe, nasies en tale gesien, wat niemand kon tel nie, wat staan voor die Troon en voor Hom wat die Lam is, aangetrek in wit klere en met palmtakke in hulle hande

- 10 en hulle het met 'n harde stem geroep en gesê: "Verlossing behoort aan ons God, aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam!"
 - 11 Al die engele het rondom die troon, die oudstes en die vier wesens gestaan en hulle het voor die troon op hulle gesigte neergeval
 - 12 terwyl hulle sê: "Dit is waar! Die lof, eer, aanbidding, seën, wysheid, aanvaarding van onverdiende guns, die krag en die sterkte behoort aan ons God tot in tydlose ewigheid! Dit is waar."
 - 13 Een van die oudstes het reageer en vir my gesê: "Wie is hulle wat met wit klere aangetrek is en van waar het hulle gekom?"
 - 14 Ek sê vir hom: "Meneer, u weet." En hy sê vir my: "Dit is hulle wat uit groot lyding kom ^{Dan 12:1} en hulle het hul klere gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam
 - 15 en is daarom voor die troon van God en dien Hom dag en nag in die tempel en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. ^{Yeg 37:27}
 - 16 Hulle sal nooit honger wees en nooit dors hê nie en nie die son of enige hitte sal op hulle brand nie, ^{Yes 49:10}
 - 17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal vir hulle soos 'n herder wees, hulle lei na die lewe en na fonteine van lewende water en sal elke traan van hulle oë afvee." ^{Yes 49:10; Yeg 34:23; Yog 4:10}
- 8** 1 Toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel soos vir 'n halfuur lank
- 2 en ek het sewe engele gesien, hulle wat in God se Teenwoordigheid staan, aan wie sewe ramshorings gegee is.
 - 3 'n Ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan en baie wierook is aan hom gegee om saam met die gebede van al die afgesonderdes, voor die troon, op die goue altaar te gooi
 - 4 en die rook van die wierook het, saam met die gebede van die afgesonderdes, uit die hand van die engel opgegaan voor God.
 - 5 Die engel het die wierookbak gevat en dit met vuur van die altaar af volgemaak en dit oor die aarde gegooi en daar was donderslae, stemme, weerlig en aardbewings.
 - 6 Die sewe engele met die sewe ramshorings het hulle gereed gemaak om te blaas.
 - 7 Die eerste het geblaas en daar was hael en vuur, met water gemeng, wat op die aarde gegooi is en 'n derde van die aarde, 'n derde van die bome en al die groen gras het verbrand.
 - 8 Die tweede het geblaas en iets, soos 'n groot brandende berg, het in die see geval en 'n derde van die see het bloed geword.
 - 9 'n Derde van alles wat in die see geskep is en lewe, het gesterf en 'n derde van die skepe is vernietig.
 - 10 Die derde het geblaas en 'n groot ster, wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval en dit het op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine geval.
 - 11 Die naam van die ster word Wilde-als (Apsythna) genoem en 'n derde van die waters het soos als(em)kruid geword en baie mense het doodgegaan van die water omdat dit bitter geword het.

- 12 Die vierde het geblaas en 'n derde van die son, 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is verslind sodat 'n derde van hulle donker geword het en 'n derde van die dag het nie verskyn nie en net so van die nag.
- 13 Ek het 'n arend wat in die lug vlieg gehoor wat sê: “Wee, wee, wee aan die wat op die aarde bly, as gevolg van die klank van die ramshorings van die drie boodskappers wat nog sal blaas!”
- 9** 1 Die vyfde het geblaas en ek sien 'n ster wat uit die lug uit op die aarde geval het en aan hom is die sleutel van die bodemlose put gegee.
- 2 Daar het rook opgekom uit die put, soos die rook van 'n groot hooggoond wat warm gemaak is en die son en die lug is deur die rook uit die put verduister
- 3 en vanuit die rook het daar sprinkane oor die aarde uitgegaan en aan hulle is die krag gegee wat die skerpioene van die aarde het.
- 4 Vir hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom mag beskadig nie, maar slegs die mense wat nie die seël van God tussen hulle oë het nie
- 5 en dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen, wanneer hy 'n mens aanval.
- 6 In dié dae sal die mense die dood soek en dit nie kry nie en hulle sal begeer om dood te gaan en die dood sal van hulle af wegvlug.
- 7 Die sprinkane het gelyk soos perde wat voorberei is vir die oorlog; op hulle koppe was iets wat gelyk het soos krone van goud en hulle gesigte was soos die gesigte van mense;
- 8 hulle het hare gehad soos dié van vroue, hulle tande was soos dié van leeus,
- 9 hulle het borsplate gehad soos van yster, die klank van hulle vlerke was soos die klank van baie strydwaens met perde, wat hardloop na die geveg
- 10 en hulle het sterte gehad wat lyk soos dié van skerpioene met die angels in hulle sterte en hulle outoriteit was om die mense vyf maande lank seer te maak.
- 11 Hulle het as koning oor hulle die engel van die bodemlose put. Sy naam in Hebreeus is Abaddon (werker) en in Aramees het hy die naam Shra (sterk of getrou).
- 12 Die eerste ‘wee’ het verbygegaan. Let op, hierna kom daar nog twee ‘weë!’
- 13 Na hierdie dinge het die sesde boodskapper geblaas en ek het 'n stem gehoor vanuit die vier horings van die goue altaar wat voor God is
- 14 en dié het aan die sesde boodskapper met die ramshoring gesê: “Maak die vier engele los wat vasgebind is by die groot rivier, die Eufraates.”
- 15 Die vier engele is losgemaak, wat gereed gemaak is vir dié uur, dag, maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak.
- 16 Die getal van die berede soldate was tweehonderd miljoen (200 000 000)! Ek het hulle getal gehoor.
- 17 Op hierdie manier het ek in die visioen die perde gesien en die wat op hulle sit, met borsplate van vuur, jakinth en swael. Die koppe van die perde was soos leeu koppe en vuur, swael en rook het uit hulle bekke uitgegaan.

- 18 Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense doodgemaak deur die vuur, die rook en die swael wat uit hulle bekke uitgegaan het,
 19 want die outoriteit van die perde is in hulle bekke en in hulle sterte.
 20 Die res van die mense, wat nie deur hierdie plaes doodgemaak is nie, het ook nie weggedraai van die werke van hulle hande nie, ^{Ps 115:4-7; 135:15-17; Dan 5:23} of om demone en afgode van goud, silwer, koper, hout en klip, wat nie kan sien, hoor of beweeg, te aanbid nie
 21 en nie weggedraai van hulle moorde, hulle toordery, heksery en van hulle seksuele immoraliteit nie.

- 10** 1 Ek het 'n ander boodskapper uit die hemel sien afkom. Hy was aangetrek met 'n wolk, met 'n reënboog in die lug oor sy kop; hy het gelyk soos die son en sy bene soos pilare van vuur
 2 en in sy hand het hy 'n klein boekrolletjie gehad, wat oop was en hy het sy regtervoet op die see gesit, maar sy linkervoet op die land.
 3 Hy het met 'n harde stem uitgeroep, soos 'n leeu wat brul en nadat hy uitgeroep het, het sewe donderslae hulle stemme laat hoor.
 4 Toe die sewe donderslae gepraat het, was ek gereed om te skryf, maar ek het 'n stem uit die hemel, die sewende boodskapper, vir my hoor sê: "Verseël dit wat die sewe donderslae gesê het en skryf dit nie op nie."
 5 Die boodskapper wat ek op die see en op die droë land sien staan het, het sy hand na die hemel opgelig
 6 en gesweer by Hom wat vir tydlose ewigheid lewe - ^{Deut 32:40; Dan 12:7} Hy wat die hemele en wat daarin is, die aarde en wat daarin is en die see en wat daarin is, geskape het - dat daar weer nie tyd sal wees nie, ^{Eks 20:11; Neg 9:6; Ps 146:6}
 7 maar in die dae wanneer die sewende boodskapper geblaas het, is die geheime van God voltooi, wat Hy verkondig het aan Sy diensknegte, die profete.
 8 Die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer met my gepraat en gesê: "Gaan, vat die klein boekrolletjie in die hand van die boodskapper wat op die land en op die see staan."
 9 Ek het na die boodskapper gegaan en vir hom gesê: "Gee vir my die klein boekrolletjie." Hy sê vir my: "Vat en eet dit ^{Yir 15:16; Yeg 2:8-3:3} en dit sal bitter wees in jou maag, maar in jou mond sal dit soos heuning wees."
 10 Ek vat die klein boekrolletjie uit die hand van die boodskapper en eet dit en in my mond was dit so soet soos heuning, maar toe ek dit geëet het, was my maag bitter.
 11 Hy het vir my gesê: "Daar word weer vir jou tyd gegee om te profeteer oor baie volke, nasies, tale en konings."

- 11** 1 'n Riet, soos 'n staf, is aan my gegee en die boodskapper het gestaan en gesê: "Staan op en meet die tempel van God, die altaar en dié wat daar aanbid,
 2 maar die buitekant om die binnehof van die tempel moet jy uitsluit en dit nie meet nie, want dit is aan die ander nasies gegee en hulle sal die afgesonderde stad twee en veertig maande lank vertrap
 3 en Ek sal My twee getuies gee om vir een duisend twee honderd en sestig (1260) dae lank te profeteer, aangetrek in sakke.

- 4 Hulle is die twee olyfbome ^{Z'kh 4:3,14} en die twee kandelare wat voor die Meester van die hele aarde staan
- 5 en as iemand hulle wil skade aandoen, gaan daar vuur uit hulle mond en verteer hulle vyande; ^{Yir 5:14} so is dit gegee dat hulle wat hul wil seermaak, doodgemaak word.
- 6 Hulle het outoriteit om die lugruim toe te sluit sodat daar tydens die dae van hulle profesie geen reën val nie en hulle het outoriteit oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te slaan met allerhande plaë, so veel as wat hulle wil.
- 7 Wanneer hulle getuienis voltooi is, sal die dier wat uit die see uit opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak
- 8 en hulle lyke sal op die straat van die groot stad, wat geestelik S'dom en Mitzrayim genoem word, waar hulle Meester gekruisig is, lê.
- 9 Mense vanuit die volke, stamme, tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in grafte gelê word nie.
- 10 Die bewoners van die aarde sal bly wees oor hulle en hulle verheug en sal vir mekaar geskenke stuur, as gevolg van dié twee profete wat die bewoners van die aarde gepynig het.
- 11 Ná drie en 'n halwe dag het 'n gees van lewe vanaf God in hulle ingegaan en hulle het op hulle voete gaan staan en die Gees van lewe het op hulle geval en groot vrees het die wat hulle gesien het, oorval
- 12 en hulle het 'n harde stem uit die hemel vir hulle hoor sê: 'Kom op hierheen!' Hulle het opgegaan na die hemel in 'n wolk en hulle vyande het na hulle gestaar.
- 13 Op daardie oomblik het daar 'n groot aardbewing gekom en een uit elke tien stede het geval en sewe duisend mense is in die aardbewing dood en die ander het bang geword en aan God wat in die hemel is eer, lof en aanbidding gebring."
- 14 Let op, twee weë het verbygegaan en let op, die derde 'wee' kom dadelik.
- 15 Die sewende boodskapper het geblaas en daar was harde stemme in die hemel wat sê: "Die koninkryk van die wêreld het die Koninkryk van ons God en van Sy Gesalfde Een geword en Hy sal heers vir tydlose ewigheid."
- 16 Die vier en twintig oudstes wat in die Teenwoordigheid van God op hulle trone sit, het op hulle gesigte geval, God aanbid
- 17 en gesê: "Ons dank U, יהוה-God, wat alles vashou, wat is en wat was, ^{Eks 3:14,15} want U het U groot krag opgeneem en geheers.
- 18 Die nasies was woedend en U woede het gekom en die tyd dat die wat dood is, geoordeel sal word en U beloning sal gee aan U diensknegte, die profete, aan die afgesonderdes en aan dié wat U Karakter en Outoriteit respekvol vrees, klein en groot en U sal hulle wat die aarde korrupt gemaak het vernietig."
- 19 Die tempel in die hemel is oopgemaak en die ark van die verbond is in Sy tempel gesien en daar was weerlig, stemme, donderslae, aardbewings en groot hael. ^{Yir 3:16}
- 12** 1 'n Groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou, wat met die son aangetrek is, met die maan onder haar voete en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre
- 2 en sy was verwagting; sy het uitgeroep en was in kraam en was beangs om geboorte te gee.

- 3 'n Ander teken het in die hemel verskyn en let op, daar was 'n groot draak van vuur met sewe koppe en tien horings ^{Dan 7:7,24} en op sy koppe was sewe krone.
- 4 Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou, wat op die punt was om geboorte te gee, gestaan sodat hy haar Seun kon opeet, sodra sy geboorte gegee het.
- 5 Sy het geboorte gegee aan die Seun, ^{Mik 5:2,3} wat as Herder al die nasies met 'n ystersepter sou regeer en haar Seun is weggeruk na God en Sy troon. ^{Yeg 37:24; Yog 10:16}
- 6 Die vrou het na die wildernis gevlug, waar die plek was wat God vir haar voorberei het sodat sy vir eenduisend twee honderd en sestig (1260) dae lank versorg sou word.
- 7 Daar was oorlog in die hemel: Mikha'el en sy engele het oorlog gevoer teen die draak en die draak en sy engele het baklei
- 8 en hulle kon nie uithou nie en daar kon ook nie 'n plek vir hulle in die hemel gevind word nie.
- 9 Die groot draak is neergegooi, die hoof slang wat die valse aanklaer en die teëstander genoem word, wat die hele wêreld verlei, is neergegooi op die aarde en sy engele saam met hom.
- 10 Ek het 'n harde stem vanuit die hemel hoor sê: "Nou is die bevryding, die krag en die koningskap vanaf ons God, want die aanklaer van ons broers is neergegooi, hy wat hulle dag en nag beskuldig het voor ons God
- 11 en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuïenis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie.
- 12 Wees daarom verheug, hemel en die wat daarin bly. Wee die aarde en die see, want die teëstander het na julle toe afgekom met groot woede omdat hy weet dat hy min tyd het."
- 13 Toe die draak sien dat hy neergegooi is op die aarde, het hy die vrou, wat geboorte gegee het aan die Seun, vervolg.
- 14 'n Groot arend se twee vlerke is vir die vrou gegee sodat sy na die wildernis, na haar plek daar, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang versorg word, 'n tyd, tye en 'n halwe tyd.
- 15 Die slang het water, soos 'n rivier, uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, om haar te laat meesleur deur die water
- 16 en die aarde het die vrou gehelp deur sy mond oop te maak en die rivier, wat die draak uit sy bek uitgespoeg het, in te sluk.
- 17 Die draak was woedend vir die vrou en hy het gegaan om oorlog te voer teen haar en dié wat oorgebly het van haar Seun: dié wat die opdragte van God nakom en die getuïenis van Yeshua vashou. ^{Yeg 21:10; 1 Yog 5:12; Open 14:12; 21:7}
- 13** 1 Ek het op die sand by die see gestaan en ek het 'n dier uit die see sien opkom met tien horings en sewe koppe en op sy horings tien krone en op sy koppe die karakter en outoriteit wat kwaadpraat teen God. ^{Dan 7:3, 7, 8, 20, 25}
- 2 Die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd en sy pote soos dié van 'n beer en sy mond soos dié van 'n leeu ^{Dan 7:4-6} en die draak het sy krag, sy troon en groot outoriteit vir hom gegee.

- 3 Een van sy koppe was, asof tot die dood, vergruis en sy dodelike wond is genees en die hele wêreld het bewonderend agter die dier aangeloop
- 4 en die draak aanbid, wat vir die dier outoriteit gee. Hulle het die dier aanbid en gesê: “Wie is soos hierdie dier? Wie kan teen hom oorlog maak?”
- 5 ’n Mond wat groot woorde praat en kwaadpraat teen God is aan dit gegee en dit is die outoriteit gegee om vir twee en veertig maande lank te werk. ^{Dan 7:25}
- 6 Dit het sy mond oopgemaak om kwaad te praat voor God, van Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en die blyplek van dié wat in die hemel bly.
- 7 Dit is ook vir hom gegee om oorlog te maak teen die afgesonderdes en hulle te verslaan en aan hom is outoriteit gegee oor alle stamme, volke, tale en nasies
- 8 en almal wat op die aarde bly, wie se name nie opgeskryf is in die boekrol van die Lewe van die Lam wat van voor die oorsprong van die wêreld gedood is nie, sal hom aanbid.
- 9 Die een wat ’n oor het, laat hom luister.
- 10 Wie ook al in ballingskap wegvoer, sal in ballingskap gaan; die wat met die swaard doodmaak, sal met die swaard doodgemaak word. Hierin is die vertrouwe en die volharding van die afgesonderdes.
- 11 Ek het ’n ander dier sien opkom uit die aarde en dit het twee horings gehad, net soos ’n lam en het gepraat soos ’n draak.
- 12 Dit sal al die outoriteit van die eerste dier uitoefen in sy teenwoordigheid en hy sal maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier waarvan die dodelike wond genees is, ook aanbid.
- 13 Hy sal ook groot wondertekens voor die mense doen, soos om vuur uit die hemel op die aarde te laat afkom
- 14 en dit sal dié wat op die aarde bly mislei, deur die wondertekens wat aan hom gegee is om in die teenwoordigheid van die dier te doen, deur aan dié wat op die aarde bly te sê dat hulle ’n beeld moet maak van die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.
- 15 Dit is vir hom gegee om ’n gees aan die gevaarlike dier se beeld te gee en te veroorsaak dat almal wat die dier se beeld nie aanbid nie, vermoor word.
- 16 Dit sal aan almal: klein, groot, die rykes, die armes, die vrymense en die slawe, ’n seël op hulle regterhand of op hulle voorkoppe, gee ^{Eks 13:9,16; Deut 6:8}
- 17 sodat niemand weer kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat sy merk het: die karakter en outoriteit (naam) van die gevaarlike dier, of die getal van sy naam.
- 18 Hier is wysheid: wie verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ’n mens en sy getal is ses honderd ses en sestig (666).
- 14** 1 Ek het gesien, let op, die Lam staan op die berg Tziyon en saam met Hom een honderd vier en veertig duisend met Sy Karakter en Outoriteit en die Karakter en Outoriteit van Sy Vader tussen hulle oë geskryf.
- 2 Ek het ’n geluid vanaf die hemel gehoor soos die geluid van baie waters ^{Yeg 1:24; 43:2} en soos die geluid van harde donderslae en ek het die geluid gehoor van ’n harpspeler wat op sy harp speel

- 3 en hulle het 'n nuwe lofprysingslied voor die troon gesing, voor die vier wesens en voor die oudstes en niemand kon die lied leer nie, behalwe die een honderd vier en veertig duisend wat vanaf die aarde vrygekoop is.
- 4 Dit is hulle wat hulself nie met vroue oenteer het nie en maagdelik is; dit is hulle wat vashou aan die Lam, waar Hy ook al heengaan; dit is hulle wat gekoop is vanuit die mense, as eerste vrugte vir God en vir die Lam,
- 5 want in hulle mond is daar geen valsheid gevind nie, ^{Tz'f 3:13} want hulle is sonder fout.
- 6 Ek het 'n ander boodskapper met die ewige goeie boodskap deur die hemel sien vlieg om aan alle nasies, stamme, tale en volke te verkondig; aan die wat op die aarde bly.
- 7 Hy het met 'n harde stem gesê: "Vrees en respekteer God en gee Hom eer, lof en aanbidding, want die tyd van Sy oordeel het gekom en aanbid Hom, wat die hemel, die aarde, die see en die waterfonteine gemaak het."
- 8 'n Ander, tweede, het hom gevolg en gesê: "Sy het geval, sy het geval, Bavel, die grote, ^{Yes 21:9} wat al die nasies laat drink het van die hartstog van haar seksuele immoraliteit."
- 9 'n Ander, derde boodskapper het hulle gevolg en met 'n harde stem gesê: "Wie ook al die dier en sy beeld aanbid en sy seël tussen sy oë ontvang het,
- 10 sal self ook drink van die wyn van die passie van ^{והה}, wat onverdund ingeskink is in die beker van Sy woede en hy sal gepynig word met vuur en swael ^{Ps 11:6} voor die afgesonderde engele en voor die Lam."
- 11 Die rook van hulle pyniging gaan op tot in tydlose ewigheid en hulle wat die dier en sy beeld aanbid en elkeen wat die merk van sy karakter en outoriteit aanvaar, het dag en nag geen rus nie.
- 12 Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua. ^{Deut 7:9; Yeg 21:10; Yog 14:15; 15:14; 1 Yog 5:12; Open 12:17; 21:7; 22:14}
- 13 Ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf: geseënd is die dooies, wat van nou af in ons Meester doodgaan, ja, sê die Gees, want hulle rus van hul dade."
- 14 Let op, daar was 'n wit wolk en op die wolk sit Een wat lyk soos 'n man, met 'n goue kroon op Sy kop en in Sy hand 'n skerp sekel.
- (vs. 15-20) ^{Yes 63:1-6; Yir 25:15, 28-30; Yo'el 3:9-13}
- 15 'n Ander boodskapper het uit die tempel uitgekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: "Stuur Jou sekel en maai, want die tyd het gekom om te oes."
- 16 Hy wat op die wolk sit, het Sy sekel op die aarde ingestee en die aarde is afgeoes.
- 17 'n Ander boodskapper het uit die tempel, wat in die hemel is, uitgegaan en hy het 'n skerp sekel gehad.
- 18 'n Ander boodskapper wat outoriteit oor vuur gehad het, het vanuit die altaar uitgegaan en met 'n harde stem geroep na hom wat die skerp sekel het en gesê: "Stuur jou skerp sekel uit en maak die trosse van die wingerdstok van die aarde bymekaar, want sy druiwe is groot."
- 19 Die boodskapper het sy sekel op die aarde ingestee en die wingerdstokke van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die wraak van God

20 en die parskuip is buitekant die stad getrap en bloed het uit die parskuip gekom tot by die tome van die perde, vir twee honderd en veertig kilometer ver.

15 1 Ek het 'n ander groot en wonderlike teken in die hemel gesien: sewe boodskappers met die sewe laaste plaë, want in hulle is God se wraak afgehandel.

2 Ek het ook iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur, gesien en dié wat oorwinnaars was oor die dier, oor sy beeld en oor die getal van sy karakter en outoriteit (naam), het oorkant die see van glas gestaan, met die snaarinstrumente van God

3 en hulle het die lied van Mosheh, ^{Eks 15:1-19; Deut 32:1-43} die dienskneg van God en die lied van die Lam gesing en gesê: “Groot en wonderlik is U dade, יהוה-God-Almagtig, wat alles vashou, onskuldig en waar is U dade, ^{Ps 86:9-10; Ps 92:6; Ps 98:1; 1 Kro 16:9, 12} Koning van die wêreld!

4 Wie sal U nie respekvol vrees nie יהוה en U Karakter en Outoriteit nie eer en loof nie, want U alleen is Afgesonderd; daarom sal al die nasies kom en voor U aanbid omdat U Waarheid is.” ^{Z'kh 14:16-20; Mat 22:16}

5 Ná hierdie dinge het ek gesien dat die tempel (die tent van die getuënis in die hemel) oopgemaak is

6 en sewe boodskappers met die sewe plaë het uit die tempel uitgegaan, aangetrek met stralende skoon linne, met goue gordels om die bors vasgebind.

7 Een van die vier wesens het aan die sewe boodskappers sewe flesses gegee, vol van die woede van God, Hy wat die Lewe is vir tydlose ewigheid. Dit is waar.

8 Die tempel was vol rook vanuit die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God en vanuit Sy Mag en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plaë van die sewe boodskappers afgehandel is nie.

16 1 Ek het 'n harde stem uit die tempel, aan die sewe boodskappers, hoor sê: “Gaan gooi die sewe flesses van die woede van God op die aarde uit.”

2 Die eerste het gegaan en sy fles op die aarde uitgegooi en kwaadaardige en pynlike swere ^{Eks 9:8-11} het gekom op die mense wat die merk van die dier gehad het en op die wat sy beeld aanbid het.

3 Die tweede boodskapper het sy fles in die see uitgegooi en die see het soos dood geword en alle lewende diere in die see het doodgegaan.

4 Die derde boodskapper het sy fles in die riviere en in die waterfonteine uitgegooi en dit het bloed geword

5 en ek het die boodskapper van die waters hoor sê: “U wat is en wat was is Regverdig en Afgesonderd; U wat hierdie dinge beveel het,

6 want hulle het die bloed van afgesonderdes en profete laat vloei en U het vir hulle bloed gegee om te drink, wat hulle verdiende loon is.” ^{Yes 49:26}

7 Ek het die altaar hoor sê: “Ja, יהוה-God, wat alles vashou, waar en onpartydig opreg is U oordele.”

8 Die vierde boodskapper het sy fles oor die son uitgegooi en aan hom is gegee om die mense met vuur te verbrand.

9 Die mense is verbrand met 'n groot hitte en hulle het kwaad gepraat van die Karakter en Outoriteit (Naam) van God, wat outoriteit het oor hierdie plaë en hulle het nie erken en berou gehad om aan Hom eer, lof en aanbidding te gee nie.

- 10 Die vyfde boodskapper het sy fles oor die troon van die dier uitgegooi, sy koninkryk het donker geword en hulle het hulle tonge geknaag van die pyn.
- 11 Hulle het kwaad gepraat van die Karakter en Outoriteit van God van die hemel as gevolg van hulle pyne en hulle swere en hulle het nie erken en berou gehad oor hul dade nie.
- 12 Die sesde boodskapper het sy fles oor die groot rivier, die Eufrates, uitgegooi en sy water het opgedroog sodat die pad vir die konings wat van die Ooste af kom, voorberei kon word.
- 13 Ek het uit die bek van die draak, uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste sien uitkom, soos paddas,
- 14 want dit is geeste van demone wat wondertekens doen, wat uitgaan na die konings van die hele aarde, om hulle bymekaar te maak vir die oorlog van daardie groot dag van God, wat alles vashou.
- 15 Let op, Ek kom soos 'n dief. ^{2 Kef 3:10; 1 Thes 5:2} Seën vir hom wat waaksaam is en sy klere beskerm sodat hy nie miskien kaal rondloop en hulle sy skaamte sien nie
- 16 en Hy sal hulle bymekaarmaak op die plek wat in Hebreeus genoem word Megiddo.
- 17 Die sewende boodskapper het sy fles in die lug uitgegooi en 'n harde stem het vanaf die tempel, van voor die Troon, uitgegaan, wat gesê het: "Dit is afgehandel."
- 18 Daar was weerlig, donderslae en 'n groot aardbewing, soos wat daar nog nooit was vandat die mense op die aarde gekom het nie, só groot was dié aardbewing.
- 19 Die groot stad is in drie dele verdeel, die stede van die nasies het geval en God het Bavel, die grote, onthou, om vir haar die beker, met die wyn van die wraak van Sy woede, te gee. ^{Yir 25:15, 26-31; Ps 75:9}
- 20 Alle eilande het gevlug, berge kon nie gekry word nie
- 21 en groot haelkorrels van omtrent twee en veertig kilogram, het uit die lug op die mense geval en die mense het God vervloek oor die haelplaag omdat Sy plaag baie groot was.
- 17** 1 Een van die sewe boodskappers met die sewe flesse het gekom en met my gepraat en vir my gesê: "Volg my en ek sal vir jou die oordeel wys van die hoer wat op baie waters sit,
- 2 want met haar het die konings van die aarde seksueel immoreel verkeer en almal, wat op die aarde bly, het dronk geword van die wyn van haar seksuele immoraliteit."
- 3 Hy het my in die gees na die wildernis toe gebring en ek het 'n vrou sien sit op 'n bloedrooi dier, vol name wat kwaadpraat teen God, wat sewe koppe, maar tien horings het.
- 4 Die vrou was aangetrek met pers en skarlakenrooi en versier met goud, edelstene en pêrels en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol verwerplikhede en die vuilheid van haar seksuele immoraliteit ^{Yir 51:7}
- 5 en tussen haar oë is geskryf: die geheime, groot Bavel, die moeder van hoere en van die vuilhede van die aarde.

- 6 Ek het die vrou gesien wat dronk was van die bloed van die afgesonderdes en van die bloed van die getuies van Yeshua en ek was verbaas met 'n groot verbasing toe ek haar sien.
- 7 Die boodskapper sê vir my: "Waarom is jy verwonderd? Ek sal jou die geheim van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings wat haar dra.
- 8 Die dier wat jy gesien het, was nie en is nie en is op die punt om uit die see uit op te kom en gaan na vernietiging.^{Dan 7:19-25} Hulle wat op die aarde bly, wie se name nie van die skepping van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie en naderkom.
- 9 Hier is die betekenis vir dié een wat wysheid het. Die sewe koppe is sewe berge waarop die vrou sit
- 10 en daar is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie en wanneer hy kom, is vir hom net 'n kort rukkie gegee om te bly.
- 11 Die draak en die dier wat hy gebring het en wat nie is nie, is self ook die agtste en hy kom vanuit die sewe en gaan na die vernietiging.
- 12 Die tien horings is tien konings wat nog nie 'n koninkryk ontvang het nie, maar wat outoriteit vir een uur lank, as koning, saam met die dier neem.
- 13 Hulle sal in eenheid wees en hulle krag en outoriteit oorgee aan die dier.
- 14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer en die Lam sal hulle oorwin, want Hy is die Meester van die meesters en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, is geroep, gekies en vertrouenswaardig."
- 15 Hy sê vir my: "Die waters wat jy gesien het, waarop die hoer sit, is volke, stamme, nasies en tale
- 16 en die tien horings wat jy op die gevaarlike dier gesien het, hulle sal die hoer haat, haar verstoot, kaal maak, haar vleis verslind en haar met vuur verbrand,
- 17 want God het dit in hulle verstand, wil en emosie gegee om Sy wil te doen en om hulle doel saam uit te voer en hulle koninkryk aan die dier te gee totdat die woorde van God volledig uitgevoer is.
- 18 Die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heers oor die konings van die aarde."
- 18** 1 Ná hierdie dinge het ek 'n ander boodskapper vanaf die hemel gesien, met groot outoriteit en die aarde is verlig deur sy lof en eer
- 2 en hy het met 'n kragtige stem uitgeroep en gesê: "Sy het geval, sy het geval, Bavel, die grote^{Yes 21:9; Yir 51} en dit het 'n blyplek van demone en 'n gevangenis van elke onrein en verwerplike gees geword,
- 3 want sy het van die wyn van haar seksuele immoraliteit gemeng vir al die nasies en die konings van die aarde was seksueel immoreel met haar en die handelaars van die aarde het ryk geword deur die krag van haar verblindings."
- 4 Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie,^{Yir 51:9,45}
- 5 want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

- 6 Betaal haar terug, soos wat sy ander terugbetaal het en verdubbel dit vir haar volgens haar dade. Skink vir haar dubbel, in die beker waarin sy geskink het.
- 7 Soveel as wat sy haarself vereer, loof en aanbid en haarself ophef, na dié mate moet julle haar lyding en smart aandoen omdat sy in haar gedagtes sê: 'Ek sit as koningin en is nie 'n weduwee nie en ek sal nooit smart sien nie.'
- 8 Hiervoor sal daar op een dag plaë oor haar kom: dood, smart, hongersnood en in vuur sal sy brand, as gevolg van Kragtige יְהוָה, wat haar oordeel.
- 9 Die konings van die aarde wat saam met haar seksueel immoreel was en hulleself opgehef het, sal oor haar huil en treur wanneer hulle die rook sien as sy verbrand
- 10 terwyl hulle ver weg staan, uit vrees vir haar straf en sê: 'Wee, wee, wee, die groot stad Bavel, die magtige stad, want in een uur het jou oordeel gekom!'
- 11 Die handelaars van die aarde sal huil en treur oor haar en niemand sal meer hulle artikels koop nie;
- 12 artikels van goud, silwer, edelgesteentes, pêrels, fyn linne, purper, sy, skarlaken, alle welriekende hout, alle voorwerpe van ivoor, voorwerpe van die kosbaarste hout, van koper, yster en marmer;
- 13 kaneel, speserye, salwe, wieroek, wyn, olyfolie, fyn meel, graan, vee, skape, perde, waens en die liggame en gees van die mens.
- 14 Jou eie aangename vrugte het van jou af weggegaan en al die luukse en die skitterende dinge is weg van jou en jy sal dit nooit weer sien nie.
- 15 Die handelaars in hierdie dinge, wat deur haar ryk geword het, sal nie gevind word nie en ver weg staan, uit vrees vir haar straf terwyl hulle huil en treur
- 16 en hulle het gesê: 'Helaas, helaas, die groot stad wat aangetrek was in fyn linne, purper en skarlaken en versier was met goud, edelgesteentes en pêrels,
- 17 want in een uur is die rykdom verlore!' Elke navigator, skeepskaptein, mense op die skepe en wie ook al op die see werk, het ver weg gaan staan
- 18 en oor haar gerou toe hulle die rook van haar verbranding sien en gesê: 'Wie is soos die groot stad?'
- 19 Hulle het stof op hulle koppe gegooi en geskree terwyl hulle gehuil, getreur en gesê het: 'Helaas, helaas, die groot stad, waardeur dié wat skepe op die see het, ryk geword het, deur haar grootsheid wat in een uur verwoes is!'
- 20 Verheug jou oor haar, hemel, afgesonderdes, uitgestuurdes en profete, want God het haar oordeel oor julle veroordeel!
- 21 Een van die magtige boodskappers het 'n groot klip, soos 'n groot meulsteen, gevat en dit in die see gegooi en gesê: 'Met sulke geweld sal Bavel, die groot stad, neergegooi word en nooit weer bestaan nie
- 22 en die klank van snaarinstrumente, ramshorings, verskillende sangers en gejubel sal nooit weer in jou gehoor word nie.
- 23 Die lig van 'n lamp sal nooit weer in jou skyn nie en die stem van bruidegom en bruid sal nooit weer in jou gehoor word nie, want jou besigheidsmanne was die grootstes van die aarde omdat deur jou towery al die nasies mislei is.'
- 24 Die bloed van profete en afgesonderdes, wat op die aarde doodgemaak is, is in haar gekry."

- 19¹ Ná hierdie dinge het ek die klank van baie menigtes in die hemel gehoor wat sê: “Lofprys יהוה” helder en duidelik! (Halleluyah!) Die loskoping, eer, lof, aanbidding en krag behoort aan ons God,
- 2 want Sy oordele is waar en onpartydig opreg omdat Hy die groot hoer veroordeel het, wat die aarde met haar hoereerdery korrupt gemaak het en Hy het die bloed van Sy slawe van haar hande geëis.”
- 3 Vir die tweede maal het hulle gesê: “Lofprys יהוה” helder en duidelik! (Halleluyah!) Haar rook styg op vir tydlose ewigheid.”
- 4 Die vier en twintig ouderlinge en die vier wesens het neergeval en ons God, wat op die troon sit, aanbid en gesê: “Dit is waar! Lofprys יהוה alleen!”
- 5 ’n Stem vanaf die troon het gesê: “Lofprys ons God, al Sy werke en aanbidders van Sy Karakter en Outoriteit (Naam), almal, klein en groot!”
- 6 Ek het ’n geluid gehoor soos die van ’n groot menigte, soos die geluid van baie water en soos die geluid van magtige donderslae ^{Yeg 1:24} wat sê: “Lofprys יהוה alleen, want יהוה-God, wat alles vashou, heers. ^{Ps 103:19; 145:13; Yes 2:2-4; 9:5-6; 11:6-9; Mik 4:1-4}
- 7 Ons verheug ons en vier fees. Ons gee aan Hom die eer, lof en aanbidding, want die bruilof van die Lam het gekom ^{Yes 62:4-5; Yog 3:28-30} en Sy vrou het haarself gereed gemaak.
- 8 Skoon en glansende fyn linne is aan haar gegee om aan te trek, want fyn linne is die opregtheid van die afgesonderdes.” ^{Yeg 44:17; Tz’T 1:8; Ps 132:9; Mat 22:11,12; 2 Kefa 3:13,14; Rom 13:14; Open 16:15}
- 9 Hulle sê vir my: “Skryf: geseënd is die wat geroep is na die feesmaal by die bruilof van die Lam.” Een sê vir my: “Hierdie is die ware boodskap van God.”
- 10 Ek het voor sy voete neergeval en hom aanbid en hy het vir my gesê: “Nee! Ek is jou medeslaaf en die van jou broers, wat die getuienis van Yeshua het. Aanbid eerder God, want die getuienis van Yeshua is die gees van profesie.
- 11 Ek het die hemel gesien oopgaan en let op, daar was ’n wit perd en Hy wat daarop sit word genoem: Vertrouenswaardig en Waar en Hy is onpartydig opreg in oordeel en in oorlogvoering. ^{Yes 11:4}
- 12 Sy oë was soos vlamme van vuur en op Sy kop was baie krone en Sy Naam, wat op Hom geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hyself.
- 13 Hy is aangetrek met klere deurweek in bloed en Sy Karakter en Outoriteit (Naam) is: Die boodskap van God. ^{Yog 1:1}
- 14 Die leërs van die hemel was saam met Hom op wit perde, ^{Z’kh 14:5} aangetrek met wit, skoon, fyn linne
- 15 en uit hulle monde gaan daar skerp swaarde uit ^{Yes 49:2; Yir 48:10; Open 1:16; 2:12,16; 19:21} waarmee hulle die nasies sal doodmaak en Hy sal vir hulle ’n Herder met ’n ysterstaf wees ^{Ps 2:9; 149:6-9} en Hy trap die parskuip van die wyn van die woede van God, wat alles vashou, uit. ^{Yo’el 3:13}
- 16 Op Sy klere, oor Sy heup, is die Naam geskryf: die Koning van die konings en die Meester van die meesters.
- 17 Ek het ’n ander boodskapper sien staan in die son en hy het met ’n harde stem uitgeroep en vir die voëls wat in die lug vlieg gesê: “Kom hier bymekaar vir die groot feesmaal van God,

- 18 om die vleis van konings, die vleis van bevelvoerders oor 'n duisend, die vleis van soldate, die vleis van perde en van die wat daarop sit, die vleis van vrymense, sowel as slawe, klein, sowel as groot, te kan eet.”
- 19 Ek het die dier en sy leërmag en die konings van die aarde en hulle soldate gesien wat bymekaargekom het om oorlog te maak teen Hom wat op die perd sit en teen Sy leër.
- 20 Die dier is gevange geneem en saam met hom die vals profeet wat wondertekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle mislei het wat die merk van die dier ontvang en die wat sy beeld aanbid het. Hulle het albei afgegaan en is in die meer van vuur, wat met swael brand, gegooi, ^{Yeg 38:22; Dan 7:11}
- 21 maar die res is doodgemaak met die swaard wat uit Hom, wat op die perd sit, se mond uitgaan ^{Yir 48:10; Yeg 12:48; 2 Thes 2:8; Open 19:15} en al die roofvoëls is versadig deur hulle vleis.
- 20** 1 Ek het 'n ander boodskapper vanaf die hemel gesien met die sleutel van die bodemlose put en 'n groot ketting in sy hand
- 2 en hy het die draak gegryp, die ou slang, wat die valse aanklaer en die teëstander is en hy het hom vasgebind vir 'n duisend jaar lank
- 3 en hom in die bodemlose put gegooi, hom toegesluit, die bokant toegemaak en verseël sodat hy nie meer al die nasies sou mislei nie. Na hierdie jare is dit gegee om hom vir 'n kort tydjie los te maak.
- 4 Ek het trone gesien en hulle wat daarop sit, is gegee om te oordeel. Die geeste wat afgesny is as gevolg van die getuienis van Yeshua en as gevolg van die boodskap van God en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie en ook nie die merk tussen hulle oë of op hulle hand ontvang het nie, hulle het geleef en saam met dié Gesalfde Een regeer, vir 'n duisend jaar lank. ^{Dan 7:9-10, 22}
- 5 Hierdie is die eerste opstanding.
- 6 Geseënd en afgesonderd is hy wat deel het aan die eerste opstanding. Oor hulle het die tweede dood geen outoriteit nie, maar hulle sal priesters van God en van dié Gesalfde Een wees ^{Eks 19:6; Yes 61:6; 1 Kef 2:9} en sal saam met Hom vir 'n duisend jaar lank regeer.
- 7 Wanneer die duisend jaar verby is, sal die teëstander uit sy gevangenis vrygelaat word
- 8 en hy sal uitgaan om die nasies vanuit die vier hoeke van die aarde te verlei, Gog en Magog, om hulle bymekaar te maak vir die oorlog, hulle wat soveel is as die sand van die see.
- 9 Hulle het opgetrek vir oorlog oor 'n oop deel van die aarde en die stad van die kamp van die afgesonderdes en die stad vir wie ons lief is, omsingel en vuur het vanaf God uit die hemel afgekom en hulle verbrand. ^{Yeg 38:22; 39:6}
- 10 Die valse aanklaer, hulle misleier, is in die meer van vuur en swael gegooi, waarin die dier en die vals profeet is en hulle sal dag en nag gepynig word, vir tydlose ewigheid.
- 11 Ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor Wie se Teenwoordigheid die aarde en die hemel weggevlug het en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

12 Ek het dié wat dood is, klein en groot, wat voor die troon staan, gesien. Boekrolle is oopgemaak en 'n ander boekrol, wat die boekrol van oordeel is, is oopgemaak en dié wat dood is, is geoordeel volgens wat in die boekrolle geskryf is, volgens hulle dade. Mal 3:16; Ps 69:29; Ps 139:16; Dan 12:1; Fil 4:3

13 Die see het dié wat daarin is opgegee en die dood en Sh'ol het dié wat daarin is opgegee en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy dade. Dan 12:2

14 Toe is die dood en Sh'ol in die meer van vuur gegooi. Hierdie is die tweede dood.

15 Wie ook al gevind is om nie opgeskryf te wees in die boekrol van die lewe nie, is in die meer van vuur gegooi.

21 1 Ek het nuwe hemele en 'n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het weggegaan en die see was nie meer nie. Yes 65:17-19; 66:22

2 en ek het die afgesonderde stad, nuwe Yerushalayim, sien afkom vanaf langs God uit die hemel, voorberei as 'n bruid wat vir haar man versier is

3 en ek het 'n harde stem uit die hemel hoor sê: "Let op, die tabernakel van God is by die mense en Hy bly by hulle. Z'kh 2:9 en hulle sal Sy volk wees en God self is by hulle en sal vir hulle God wees. Lev 26:11-12; Yes 8:8,10; Yir 31:33; Yeg 37:27; 43:7; 2 Kro 6:18

4 Hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal van nou af nie meer wees nie; ook sal daar nie meer rou, uitroepe en siektes wees nie, Yes 25:8 as gevolg van Hom."

5 Ek het geloop en Hy wat op die troon sit, sê vir my: "Let op, Ek maak alles nuut." Hy het ook vir my gesê: "Skryf, hierdie boodskap is waar en vertrouenswaardig."

6 Hy het ook vir my gesê: "Ek is die Alef en die Tau, die Oorsprong en die Afhandeling. Aan dié wat dors is, sal Ek, sonder koste, gee vanuit die fontein van die water van die lewe. Ps 36:9, 10; Spr 13:14; 14:27; Yog 4:10 Yes 55:1; Mat 10:8; 2 Kor 11:7; Open 22:17

7 Hy wat die oorwinning behaal, sal hierdie dinge erf en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees, Gen 17:7; Eks 6:7; Lev 26:12; Yir 7:23; Yeg 21:10; Open 12:17

8 maar die wat vrees het, die wat nie vertrou nie, die bose, die wat besoedel is, moordenaars, towenaars, seksuele oortreders, afgodaanbidders en alle leuenaars, se deel is in die meer, wat met vuur en swael brand, wat die tweede dood is."

9 Een van die sewe boodskappers wat die sewe flesses vol van die sewe laaste plaë gehad het, het gekom en met my gepraat en gesê: "Kom, ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." Yeg 40-48

10 Hy het my in die gees gedra na 'n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.

11 Dit het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gehad en sy lig was soos edelstene, rooi-kwarts-jaspis, wat lyk soos 'n kristal.

12 Dit het ook 'n groot, hoë muur met twaalf poorte gehad en by die poorte twaalf boodskappers en hulle name is geskryf, die name van die twaalf stamme van Yisra'el.

13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte en aan die westekant drie poorte. Yeg 48:31-34

14 en die muur van die stad het twaalf fundamente gehad en daarop was die name van die twaalf afgevaardigdes van die Seun.

- 15 Hy wat met my gepraat het, het 'n goue meetriet gehad, om die stad en sy muur te meet
- 16 en die stad het in 'n vierkant gelê en sy lengte was net so groot soos sy breedte. Hy het die stad met die riet gemeet op twaalf duisend stadia; sy lengte en breedte en hoogte was dieselfde.
- 17 Hy het sy muur gemeet op een honderd vier en veertig el (65 meter), volgens 'n mens se maat, wat die maat is wat die boodskapper gebruik het.
- 18 Die muur is met kwarts-jaspis gebou en die stad van suiwer goud, wat lyk soos suiwer glas
- 19 en die fondasie van die muur van die stad is versier met edelgesteentes. Die eerste fondasie is rooi-blou-geel-jaspis-kwarts, die tweede saffier, die derde wit-kalsedoon, die vierde smarag,
- 20 die vyfde rooi en wit sardius en gestreepte oniks, die sesde rooi en wit sardius, die sewende klip van goud, die agtste beril, die negende topaas, die tiende groen-goud krisopraas, die elfde donkerblou hiasint en die twaalfde ametis.
- 21 Die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte is gemaak uit een pêrel en die straat van die stad is suiwer goud, asof daar glas in is
- 22 en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel. ^{Heb 9:11}
- 23 Vir die stad en die Lam is die son of die maan nie nodig om te skyn nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God verlig dit en die Lam is sy lamp
- 24 en die nasies leef in Sy lig en die konings van die aarde bring eer, lof en grootheid aan die stad.
- 25 Sy poorte sal nooit bedags gesluit word nie, want daar sal nie nag wees nie.
- 26 Hulle sal die eer, lof en grootheid van die nasies vir die stad bring
- 27 en daar sal geen onreine, of iemand wat besoedel is en leuens vertel, ingaan nie, maar net dié wat opgeskryf is in die boekrol van die Lam. ^{Efe 2:19}
- 22** 1 Hy het vir my 'n skoon rivier van die water van die lewe gewys, helder soos kristal, wat uitstroom vanuit die troon van God en van die Lam. ^{Z'kh 14:8, 9}
- 2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die Boom-van-die-Lewe, wat twaalf soorte vrugte voortbring en elke maand sy vrugte gee en sy blare vir die genesing van die volke ^{Num 24:6,7; Yeg 47:7-12; Ps 1:3}
- 3 en daar sal geen vloeke wees nie en die troon van God en van die Lam sal daarin wees en sy diensknegte sal Hom bedien.
- 4 Hulle sal Sy aangesig sien en Sy Karakter en Outoriteit sal tussen hulle oë wees
- 5 en daar sal geen nag wees nie en hulle het geen lig, lamp of sonlig nodig nie omdat יהוה-God vir hulle lig gee en hulle Koning vir tydlose ewigheid is. ^{Yeg 43:7}
- 6 Hy het vir my gesê: "Hierdie boodskappe is vertrouenswaardig en waar en יהוה, God van die gees van die afgesonderde profete, het my, Sy boodskapper, gestuur om vir Sy diensknegte te wys wat gou moet gebeur.
- 7 Let op, Ek kom gou. Geseënd is die een wat die boodskap van die profesie van hierdie boekrol gehoorsaam."

- 8 Ek is Yoganan, wat hierdie dinge gesien en gehoor het en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van die boodskapper, wat my hierdie dinge gewys het neergeval om te aanbid.
- 9 Hy het vir my gesê: “Profeet, nee! Ek is ’n medeslaaf saam met jou en jou broers, die profete en van hulle wat die boodskap van hierdie boekrol gehoorsaam. Aanbid God.”
- 10 Hy het ook vir my gesê: “Moenie die boodskap van die profesie van hierdie boekrol verseël nie, want die tyd is naby.” ^{Dan 12:4,9}
- 11 Hy wat die bese doen, sal weer boosheid doen en wie besoedel is, sal hom weer laat besoedel en die onskuldige sal weer doen wat onpartydig opreg is en die afgesonderde sal weer afgesonder word.”
- 12 “Let op, Ek kom dadelik en My beloning is by My en Ek sal vir elkeen gee volgens sy dade.
- 13 Ek is Alef en Ek is Tau, die Eerste en die Finale, die Oorsprong en die Afhandeling.
- 14 Geseënd is dié wat Sy opdragte gehoorsaam, want hulle sal outoriteit hê om te gaan na die Boom-van-die-Lewe ^{Gen 3:24; Luk 1:77; Yog 3:17} en sal ingaan ^{Mat 19:17; Yog 14:15} deur die poorte in die stad in.
- 15 Buitekant is die seksuele oortreders, die moordenaars, die aanbidders van afgode, die besoedelde, towenaars en alle sieners en werkers van die leuen.
- 16 Ek, Yeshua, het My boodskapper gestuur om hierdie dinge teenoor julle te getuig voor die gemeentes. Ek is onveranderlik dieselfde, die Wortel ^{Mik 5:1; Yog 8:58} en die Nakomeling van Dawid, sy Kameraad ^{Yir 33:17; Mat 1:6; Luk 1:32} en die helder ^{2 Kef 1:19} Môrester.”
- 17 Die Gees en die bruid sê: “Kom!” Laat hom wat hoor, sê: “Kom!” Laat hom wat dors het, kom en die water van die lewe neem, ^{Yes 55:1; Mat 10:8; 2 Kor 11:7; Open 21:6} sonder koste.
- 18 Ek getuig teenoor elkeen wat die boodskap van die profesie van hierdie boek hoor: wie ook al by hierdie dinge byvoeg, God sal die plaë, waarvan in hierdie boekrol geskrywe is, op hom sit
- 19 en wie ook al iets van die boodskap van hierdie profesie uit die boekrol wegvat, God sal sy deel wegvat uit die boekrol van die lewe en uit die afgesonderde stad uit, die dinge waarvan in hierdie boekrol geskryf is.
- 20 Toe Hy hierdie dinge getuig het, het Hy gesê: “Ja, Ek kom gou.” Kom, Yeshua, dié Meester!
- 21 Die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een bly by al Sy afgesonderdes.
Dit is waar!

Die PWL vertaling - Derde uitgawe

Die vertaling van die Tanakh, (Instruksies (Wet), Profete en Geskrifte), is gedoen vanuit die Masoretiese Hebreeuse teks (die Westminster Leningrad Kodekse; die Aleppo Kodeks); die Aramese (Peshitta) Tanakh met die Lamsa vertaling as verwysing; asook die Griekse Septuagint (LXX) kruisverwysend. Die Dooie See Rolle is geraadpleeg in hulle brokkies waar beskikbaar.

Daar is by my geen twyfel dat die **Tanakh** in 'n antieke Hebreeus, 'n susterstaal van Aramees, saamgestel is nie. Dit is selfs moontlik dat die tale in die tyd van die skrywe van dele van die Torah 'n voorloper van Hebreeus was. Veral in Daniël, Ester, 'Ezra, Negemyah, die latere profete en die Kronieke het ek die Aramees verkies aangesien ek glo dat die grootste gedeeltes hiervan in Aramees geskryf is. Ons het nie die oorspronklikes nie, maar die akkuraatheid van kruisverwysings en syfers met ander gedeeltes asook ooreenkomste met die LXX verteenwoordig 'n sterk standpunt.

Die vertaling van die Nuwe Verbond (3de uitgawe) is gedoen vanuit die Antieke Oosterse Aramese Kodekse (Die Khabouris, Die Mingana 148 Kodeks en andere) in ooreenstemming met die Westerse Aramese Peshitta ('reguit') 1905 Kritiese uitgawe, tekste. Ons het voldoende, onweerlegbare bewyse van die Aramese oorsprong en sal dit aanbied op versoek.

Die Khabouris - Hierdie ou manuskrip het in die mate waarin sy bladsye duidelik is, die kern van die Nuwe Verbond-vertaling uitgemaak. Ek het, met groot dank, die transkripsie van S.P. Silver hier gebruik, wat beskikbaar is op Dukhrana se webtuiste. Dit is 'n getroue weergawe van die eerste eeuse geskrifte wat reeds vanaf die begin in die Kerk van die Ooste gebruik is. Die basis vir 2 Kefa, 2 en 3 Yoganan, Y'udah en Openbaring is geneem vanuit John Gwynn se uitgawe van die Algemene Briewe van "The Crawford Aramaic manuscript."

Waarom sou Hebreërs wat Aramees gepraat het in 'n ander taal, vir meestal Aramees-sprekendes, skryf? Soos Josephus self erken: weinig van hulle kon Grieks vlot praat.

Die volgende is ook vergelykenderwys, kruisverwysend en as kontrole gebruik:

- "The Peshitta Aramaic-English New Testament - An Interlinear Translation" deur Dr. Glenn David Bauscher - Copyright © 2006 - Lulu Publishing.
- 'Lamsa' volledige Bybel (Tanakh en Nuwe Verbond), vanuit Aramees in Engels vertaal - Copyright © Dr. George Mamishisho Lamsa - slegs die Tanakh.
- Dr. Paul Younan se "Interlinear of The Gospels and Acts."
- Dr. John Wesley Etheridge, vertaal vanaf Siriese bronne.
- Andrew Gabriël Roth se "Aramaic-English New Testament" ©2008, www.aent.org se vertalingsopmerkings.
- Die Oosterse groep: Die Yonan, Khabouris, 1199 Houghton en die Mingana 148 Kodekse - www.theholylaramaicscriptures.weebly.com

Vanaf die eerste druk is hierdie is nie 'n veranderde vertaling nie, maar woord vir woord nuut.

Vir die verklarings en bevestiging van woorde uit die Hebreeus / Aramees het ek die volgende woordeboeke en konkordansies gebruik:

1. COMPREHENSIVE ARAMAIC LEXICON at the Hebrew Union College – Jewish Institute of Religion - Cincinnati, USA - Online Dictionary.
2. Ancient Hebrew Lexicon of the Bible Copyright © 2006 Ancient Hebrew Research Center ISBN: 1589397762 Author: Jeff A. Benner.
3. Lexicon to the Syriac New Testament (Peshitta) - by Williams Jennings (M.A.), revised by Ulric Gantillon (M.A.) - Oxford at the Clarendon press 1926.
4. Mickelson's Enhanced Strong's Greek and Hebrew Dictionaries by Mickelson, Jonathan Kristen, Published 2008.
5. Thayer's Greek Definitions – from e-sword - vir LXX kruisverwysing.
6. Transliterasie van Hebreeuse name is grootliks, maar nie uitsluitlik nie, volgens "Jewish New Testament: a translation of the New Testament that expresses its Jewishness - David H. Stern. JNT Publications, © 1989," gedoen.
7. "The Word" © 2003-2010 - Costas Stergiou, is vir die derde uitgawe gebruik as uitstekende en veelsydige naslaanbron: www.theword.org.
8. Groot Woordeboek – Kritzinger, Steyn, Schoonees en Cronjé – J.L. van Schaik Bpk. Pta.
9. Pharos Afr.-Eng./Eng.-Afr. Woordeboek / Dictionary. Pharos Woordeboeke, 'n druknaam van NB-Uitgewers. www.pharos.co.za - © 2008 streng voorbehou.
10. Brown-Driver-Briggs' Hebrew Definitions by Francis Brown, Samuel Rolles Driver, Charles Augustus Briggs.
11. Ek het baie gebruik gemaak van die Aramese forums onder leiding van Paul Younan op www.peshitta.org.

Die vertaling is gedoen oor 'n lang tydperk, met groeiende navorsing, ontdekkings en oortuigings soos ons gevorder het. Ons streef daarna om elke fout en vraag na te speur om sodoende naby aan 'n volmaakte vertaling te kom. Hiervoor het ons u ook nodig om enige en elke fout aan ons deur te gee. Ons glo dat 'n groot sprong in daardie rigting gemaak is met hierdie derde druk. Meer inligting oor die vertaling en oor Aramees as oorsprong is beskikbaar op: www.padwlewe.org.za

Die vertaling is gedoen ongeag ons eie leringsoortuigings. Die Woord van die Skepper-God moet ons leringe bepaal. Hierdie, glo ek, is wat Hy vir ons wil gee as Sy wil en lewenswyse om te loop op die Pad van Waarheid waardeur ons Lewe sal ontvang.

Gerrie C Coetzee
gerrie@padwlewe.org.za

Opmerkings by die vertaling

Redes vir groot veranderinge asook 'n paar verklarings van woorde.

Hierdie is geensins volledig of omvattend nie omdat ek nie dink dat die Bybel self die plek vir 'n konkordansie is nie. Aangesien dit 'n nuwe vertaling is vanuit 'n ander bron as wat u aan gewoond is en nie net 'n verandering van woorde nie, is daar baie begrippe wat verander. Ek glo dat ons die beste moontlike en beskrywendste betekenis van 'n sekere oorspronklike woord vir u aanbied. Toets Skrif met Skrif.

Geen alternatiewe betekenis word in die vertaling gegee nie, want hierdie is wat ek glo יהוה, ons Vader, die Enigste God, Skepper van die heelal, wou sê. Daar is ook geen vergelykings met vorige vertalings nie. Ons is nie in kompetisie nie. Ons het ook nie verduidelikings of voetnotas in die teksgedeelte geplaas nie aangesien dit nie in 'n vertaling die plek daarvoor is nie; alhoewel die versoeking soms groot was. Daar is slegs betekenis van idioome en van God se Karakter-Name in hakies geplaas.

Hierdie vertaling is gerig op die ware betekenis en leringe waardeur ons die Ware en Enigste God kan leer ken. Ek vertrou met my hele wese dat die volgelinge van Yeshua, Die Gesalfde Een, wat 'n volledig gehoorsame lewe begeer, die volheid van die waarheid deur die vertaling sal kan vind. Ons vertrou dat die Gees dit in u sal laat lewe, soos in ons in die jare wat ons daarmee besig is.

Die hierop volgende verduidelikings is noodsaaklik omdat dit die ware betekenis, sonder dogmatiese en teologiese betekenis en afleidings daarvan, gee - objektief (volgens die betekenis van die woord). Idioome is letterlik vertaal, met soms 'n aanduiding van die betekenis as daar 'n moontlikheid van verwarring is. Die Gees is die beste Verduideliker, vertrou Hom.

Wanneer na die vertaling gekyk word, moet eerstens onthou word dat die meeste van die skrywers Hebreërs, (wat hoofsaaklik Hebreeus en Aramees gepraat het) was, wat vanuit 'n Semitiese idioom en Godsbegrip geskryf het – al mag dit wees dat 'n sekere boek of gedeelte in Grieks, die taal van dele van die wêreld, vertaal is, is dit slegs 'n vertaling en nie die oorspronklike, wat tog in die mense se eie taal sou wees, nl. Hebreeus of Aramees, nie. (Aramees was die algemene taal (lingua franca) in die hele streek vanaf 700 voor Yeshua tot na 300 na Yeshua.)

Wanneer ons die begrip 'Hebreeus(e)' gebruik, verwys dit na en sluit dit Aramees in wat die eintlike taal is wat Yeshua gepraat het ('Chaldeen' volgens die woordeboeke). Dit was 'n groot versoeking om die oorspronklike Hebreeuse / Aramese woorde, soos Shalom, Amen en Halleluyah, te gebruik wat meeste mense ken, maar dan sou dit wees ten koste van die volle Afrikaanse betekenis wat ryker is as wat meeste mense, wat die Hebreeuse woord ken, weet. Dit is 'n Afrikaanse vertaling met die duidelikste betekenis van die woorde wat ons kon gee in Afrikaans. Dit het ook beteken dat bekende, maar onverstaanbare, geestelike terme verander moes word na verstaanbare

en meer volledige betekenisse. Dit sal aanvanklik vreemd klink vir sommige, maar u sal gou daaraan gewoond raak en die ryker en voller betekenis sal u lewe verryk. Elke keer as u die Woord lees sal dit 'n studie wees.

Die volgende punte sal u help om sekere belangrike veranderinge te verstaan.

1. Oorspronklike name

Alle persoonlike name is 'n direkte transliterasie. Let op na die uitsprake van 'n paar Hebreeuse en Aramese karakters in getransliterende eiename:

'n א-(alef) wat nie uitgespreek word nie en binne die woord 'n vinnige pouse of breuk voorstel, word met 'n enkel aanhalingsteken (') weergegee; 'n 'Y' gee die י-(yud) weer wat as 'n sager, Afrikaanse, 'j' (Jasper) uitgespreek word; ה-(het) of soms כ ך (Kof en Kof sofit), word as 'g' deurgegee - uitgespreek soos die g in 'gaan' en 'geloof, die harde keelklank 'g' moet in al die gevalle gebruik word; ו-(waw)- as medeklinker in Hebreeus word as 'w' deurgegee en as klinker is dit 'oe'; die ע-(ayin) word meesal voor die woord, wat antiek as 'n sagte 'g' uitgespreek word, maar in die moderne taal stil is, vooraan met 'n (') weergegee en word binne 'n woord as 'a' uitgespreek.

Meeste name verskil van die tradisionele Afrikaanse name, wat nie regtig rede het hoekom dit so verander is nie. Persoonlik glo ek nie 'n naam kan verander word nie aangesien die betekenis, wat so verlore gaan, deel is van die profetiese boodskap in die Bybel. Kyk ook na die volledige lys name met een betekenis in 'n boekie wat die Bybel vergesel, om die boodskap daarin te verstaan. Die beste voorbeeld is die naam van Y'shua - hier gebruik ek glad nie die Griekse transliterasie nie, aangesien dit geen betekenis het nie. Hierdie transliterasies (soos Jesus) sal ons nooit slegpraat of verwerp nie aangesien die persone wat dit gebruik 'n verwysing in hulle gees het na die regte persoon, nl. **Y'shua, van Natzeret, Die Gesalfde een, Die Seun van God.** Dit is jou besluit, wat jy gebruik, sonder om ander te oordeel, wat anders besluit. Hoekom iets anders as die regte Naam gebruik as jy dit ken? In die oorspronklike Aramese Nuwe Verbond is Sy Naam geskryf in die vorm van **ܝܫܘܥ** of dan **ישוע** - **net hierdie 4 karakters - Y'shua, uitgespreek as Yeshua!!**

2. Heer / Here / Meester

Here / Heer - Hierdie is 'n ou Afrikaanse woord, wat nie regtig meer in Afrikaans volgens sy regte betekenis gebruik word nie. Dit is 'n respekvolle aanspreekvorm - Meneer of meer korrek, Meester. Dit is egter ook in die ander vertalings gebruik om יהוה, die Naam van God, te vertaal, waar dit gebruik is en deur die Rabbi's as 'Adonai' (Meester) of 'HaShem' (Die Naam) uitgespreek word omdat hulle glad nie die Naam van God gebruik nie. Hulle is bang hulle gebruik dit sonder erns en gebruik dit liewers nooit nie. **Dit is egter nie 'n wet in die Bybel nie!** Op al hierdie plekke gebruik ons die oorspronklike Hebreeus, יהוה, uit respek. Ek wil tog graag 'n vermaning plaas op die los en vas gebruik van God se eie Naam – ek glo die gebruik daarvan is toepaslik in die Woord self, asook in leringe vanuit die Woord, maar nie daarbuite nie. Wanneer na God in die algemeen verwys word, behoort “God” (kyk asb. na punt 3 hier onder), of verkieslik “Skepper-God,” gebruik te word. Sy Naam is steeds afgesonderd en moet afgesonderd bly en gebruik word.

In die Aramese Tanakh en Nuwe Verbond word Maryah, מַרְיָה, sonder uitsondering (uit respek) in plaas van יהוה gebruik. Dit beteken - Meester Yah. Die Hebreeuse begrip אֱהִיֶּךָ אֲשֶׁר אֱהִיֶּךָ “Ahiyeh asher Ahiyeh” van Eks 3:14, glo ek, is ’n Goddelike uitspraak en verklaring meer as ’n betekenis van Sy Naam en ek vertaal dit as “אֱהִיֶּךָ אֲשֶׁר אֱהִיֶּךָ - (EK IS WIE EK IS) [Tydloos, onveranderlik].” Die Aramese Tanakh gebruik dieselfde. Die Aramees אֵנָּה אֵנָּה - “Ena na” in die Nuwe Verbond is nie dieselfde nie. **Daar moet onthou word dat die Aramese Marya, מַרְיָה, ook taalkundig die definitiewe, Die Meester, kan beteken. Ek gee twee voorbeelde. “Alokh MARYAH Alahon” = “To You, O Lord our God” en “MARYAH Alaha” = “The Lord God”.**

3. God - Eloha - Elohim - Alaha

Die Afrikaanse woord “God” het nie dieselfde betekenis as die woord waaruit dit oorspronklik vertaal is nie. Totdat ons egter ’n aanvaarbare manier gekry het, sonder om die werklike betekenis te verdoesel, volstaan ons hierby.

God - Die gebruik van die woord in hierdie vertaling word gedoen op grond van die vertaling van die Hebreeuse woord eloha as die selfstandige naamwoord “God.” Die woord beteken “Magtige - wat outoriteit het”. Die verkorte vorm, “el,” wat slegs “magtige” beteken, maar ook verwysend is na die godsgedagte en eloha se meervoud, elohim, wat ook in die enkelvoud gebruik word as “Oppermagtig”, is die algemene woorde wat na die soortnaam ‘God, god of gode’ verwys. Net in Iyov word eloha 40 keer gevind. Dit word selde gebruik as verwysing na ’n afgod of enige god, wel in **Dan 11:36 en 37 en 2 Kron 32:15**. In alle ander gevalle verwys dit slegs na יהוה, die God van Yisra’el.

Deut 32:15; Ps 50:22; 139:19; Spr 30:5; Iyo 3:4, 23.

Daar is mense wat eerder die woord elohim gebruik - jy is welkom - ek vra net: as elohim se Afrikaanse vertaling ‘God’ is, soos dit ook is, (of letterlik “Oppermagtige” as in ‘n enkelvoud sin gebruik word), dan is dit mos irrelevant? Die meervoud, elohim, word nie net vir “gode” (**Eks 12:12; 18:11; 20:3**) gebruik nie, maar meer as 2,000 keer verwysend na die ware God as Oppermagtige. Baie keer met die voorvoegsel, ha-elohim, wat dit DIE God of die ware God maak. Soms word die woord met ’n meervouds werkwoord of byvoeglike naamwoord gebruik, soos in **Gen 20:13; Ps 58:12; 2 Sh’m 7:23** en baie in die uitdrukking elohim gaiyim, “die lewende God.” In die groot meerderheid van gevalle word dit egter aangaande die God van Yisra’el in die enkelvoud gebruik, al is dit taalkundig in die meervoudsvorm wat na die verhewe magtigheid verwys, wat die letterlike vertaling van die woord is. Elohim, word ook gebruik om iemand uitermate groot te beskryf, soos die gees van Sh’mu’el (**1 Sh’m 28:13**) en geeste (**Yes 8:19**), die huis van Dawid (**Z’kh 12:8**), die berg van Bashan (**Ps. 68:16**) en Ragel se kompetisie met haar suster (**Gen 30:8**). Dit is die algemene begrip ‘God’ - ’n gewone selfstandige naamwoord en **nie Sy persoonlike Naam**, wat slegs יהוה is, nie! Dink ook daaraan dat elohim net in die Masoretiese Hebreeuse teks gebruik word vir die Skepper-God, nie in ander nie en dat elohim ook die naam is van die panteon gode in Kena’an in die tyd toe Yisra’el die land ingeneem het, met ‘el’ die naam van hulle hoof-god.

Let op na **Yog 10:33-36**: in die Afrikaanse taal-konteks is daar geen getuienis of geskiedenis dat hierdie woord enige ander of heidense konneksies het nie!!

4. Statistiese verskille

Baie oënskynlike statistiese en logistieke verskille tussen Sh'mu'el, Konings en Kronieke is opgelos deur die Aramese geskrifte wat nie die verskille het nie.

5. Hoofletters

Alhoewel dit miskien volgens taalreëls nie heeltemal korrek is nie, het ek besluit om uit respek die besitlike- en ander voornaamwoorde deurgaans met hoofletters te skryf wanneer dit definitief na Vader-God / Yeshua as Seun van God / Gees wat Afgesonderd is, verwys, om 'n duidelike verskil aan te dui, aangesien daar soms ook na ander persone in die sinne verwys word.

6. Kom of Gaan

Die Hebreeuse בָּא' en יָאֵסָא' beteken beide 'kom' en 'gaan.' Dieselfde probleem is ook in die Nuwe Verbond. Dit maak soms 'n groot verskil soos in **Mat 10:23**.

7. Tye in Semitiese tale

In egte Bybelse-tyd Hebreeus / Aramees is daar net verlede tyd en toekomstige tyd.

8. Transliterasie

Transliterasie van die Hebreeuse letters ה (het) en הֵי (hey), wat soms as h en soms as g uitgespreek word en אֵי (ayin), wat antiek as g uitgespreek is en nou glad nie, is nie maklik nie en kan spel en uitspraak verskille veroorsaak.

9. Loof en prys se betekenisse

Woorde wat tradisioneel as "loof en prys" vertaal is (met "Strong's" nommers).

H1288	- barak	- kniel en seën
H1523	- ghiyl	- swaai van vreugde
H1524	- ghiyl	- vreugde
H1984	- halal	- duidelike / suiwer lof. Loof Hom helder en duidelik
H2167	- zamar	- sing en maak musiek
H2172	- zimrah	- musiek met instrumente
H3034	- yadah	- loof en dank met hande uitgestrek
H4210	- mizmor	- gedig met instrumentale musiek
H4234	- magol	- dans
H4387	- miktam	- gedig
H4885	- mahsos	- verbly - vreugde
H4905	- maskiyl	- lerende gedig
H5035	- nevel	- lier
H5058	- n'ginah	- snaar instrumente
H5155	- n'egilah	- blaasinstrumente
H5970	- `alats	- spring van vreugde
H7318	- roman	- lofprysing
H7321	- ruah	- skree van vreugde
H7438	- rou	- lied van bevryding
H7440	- rinnah	- blydschap
H7442	- ranan	- sing / skree van vreugde
H7445	- rnanah	- uitskreeu van vreugde

H7623	- shabag	- hard prys
H7692	- shiggayon	- loflied (afwyking)
H7797	- soes / siys	- vreugdevol
H7891	- shur	- sing
H7892	- shiy	- lied
H8055	- samag	- verheug
H8057	- simgah	- oorweldigende blydschap
H8067	- sh'minith	- 8 snaar lier
H8342	- sasown	- vreugde
H8416	- t'hillah	- lofprysing
H8426	- toudah	- vereer met uitgestrekte hande
H8628	- taqah	- hande klap
H8643	- teru'ah	- uitroep van vreugde / blaas van shofar

10. Yosef - die Gowra probleem

Mat 1:16 – Hierdie Yosef is nie Miryam se verloofde / man nie, maar haar voog of vader. Die woord 'Gowra' kan vertaal word as voog / vader / man en dit los die probleem op van die 14 geslagte, wat die daaropvolgende verse stel.

11. Jood / Jode

Mat 2:2 Oral in die Nuwe Verbond waar die begrip 'Jode' gebruik word, kan eintlik die letterlike vertaling van 'Y'udahiete' – mense van Y'udah, gebruik word. Dit verwys dus ook nie noodwendig na die Jood as godsdiensgroep nie, maar as inwoners van die provinsie van Y'udah. Dit het 'n verkeerdelike, maar algemeen aanvaarde, term geword van almal wat nageslag van Avraham is.

12. Yisra'el

Die woord beteken: "el" - Magtige God; "Yisra" - Hy heers (loop voor). Yisra'el is dus elkeen waaroor die Magtige God heers.

13. Doop

Mat 3:6 en ander = Doop = 'whelmed' of 'immersed' = volledig omvou (indompel of ingedruk) - die woord het ook nie net te doen met water nie, maar ook met die Karakter en Outoriteit van die Gees en die Vader, **Mat 28:19** - waarin ons omvou (volledig gedompel) en volgemaak moet word. Dit is nie uit oorsprong 'n 'geestelike' woord nie, maar 'n gewone woord in die Aramees, עֲמִידָה en in die Grieks, βαπτίζω, wat beteken om in of onder te druk of te plaas en soos 'n spons vol te maak. Net so, is die betekenis van die Afrikaanse woord, 'doop,' nie geestelik nie, maar 'n gewone woord wat in sy gewone betekenis verstaan moet word. Hoe doop jy jou beskuit? Tradisie en gemaksgebruike het die betekenis in die godsdiensgebruik verander.

14. Idioome

Gen 2:3 b "dit wat God geskep het in 'n Gods-eie manier" - baie woord-letterlik van die sin "asher bara' elohim la'asot" - 'n idioom wat meer letterlik vertaal is.

Mat 5:29:30 en **Mar 9:43-47** - Hier is 'n Aramese idioom "ruk dit uit / kap dit af en gooi dit weg" wat beteken: "Stop dit en laat dit staan." Dit is nie 'n opdrag om dit fisies af te kap nie, want dit sou teenstrydig wees met die Wet. Geen Arameer loop blind rond met afgekapte hande nie!

Luk 11:34; Mat 6:22-23 – Nog 'n Aramese spreekwoord wat nie sin maak as dit woordeliks vertaal word nie, is – “Goeie oog” wat beteken om vrygewig te wees en 'n “Bose oog” om suinig te wees. Die betekenis is duidelik in die res van **Mat 6**.

Yog 12:11 – 'n Woord wat deur die Griekse vertalers vanuit die Aramees verkeerd verstaan is, is die woord **לָא** wat gewoonlik met ‘om te gaan’ vertaal word, maar dikwels idiomaties gebruik word en aandui dat aksie voortgaan en meer en meer gedoen word.

15. Toneelspelers van 'n vals karakter

Mat 6:2 – ‘Geveinsdes’ is 'n voorbeeld van 'n woord, wat se betekenis korrek is, maar te hoogdrawend is vir 'n betekenis wat eintlik neerhalend moet wees. Die oorspronklike verduidelikende betekenis “aannemers van gesigte” word deurgegee in sy betekenis as ‘toneelspelers van 'n vals karakter.’

16. Vergifnis

In **Mat 6:14 en 15** asook regdeur die Nuwe Verbond waar die woord “vergewe” of “vergifnis” gebruik word, moet die dieper betekenis verstaan word. Die Aramees is **חַשְׁבִּקָן** en ek som die volledige verduideliking op met 'n paar woorde: weg te stuur, vergeet, opgee, aflê, agterlaat en meer. Jou sonde word weggevat, verwyder, alleen gelos en nie meer in ag geneem nie – dit is wat vergewe beteken!

17. Skrifgeleerdes

ספריהוּ [γραμματέύς] word tradisioneel vertaal met ‘Skrifgeleerde,’ maar is meer korrek - 'n skrywer, dit is, (professioneel) transkribeerder, sekretaris of stadsklerk. In daardie tyd was hulle egter ook die leraars en kundiges van die Instruksies (Wet) en leer van Judaïsme – en dus ‘leraars van die wet’.

18. Studentevolgelings

Dissipel = 'n direkte transliterasie uit Latyns en 'n woord wat nie ten volle verstaan word in Afrikaans nie. Ek gebruik die beskrywende ‘studentevolgelings.’ Iemand wat leer deur te volg en te luister.

19. Vertroue

Vertroue = aktiewe geloof – die woord ‘glo’ en ‘geloof’ in 'n passiewe vorm word baie weinig in die Bybel gebruik. Geloof is om te weet - vertroue is om te doen. **מְהִימָן** - word hiervolgens in sy korrekte betekenis vertaal, wat die waarheid insluit. Vertroue in die waarheid. Dit is ook 'n beter weergawe van die Hebreeuse “emunah” begrip uit die Tanakh, wat ook nooit 'n passiewe geloof verkondig nie.

20. Plekke van bymekaarkoms

Sinagoges = Die naaste begrip wat ons het, is die gemeentes of bymekaarkomplekke – die sinagoge is egter baie meer as dit – 'n bymekaarkomplek van die mans, 3 maal per dag, om die Boodskap van God te oordink en 'n simbool van hulle eenheid en afhanklikheid. As die gemeente só die sentrum van ons lewe was, dan kon ons dit met die gemeente vergelyk. Ek gebruik ‘plekke van bymekaarkoms’ omdat ‘sinagoges’ 'n Griekse woord is vir **כְּנֶסֶת** ‘knesset’ (Hebreeus) en **כְּנוֹשְׁתָּא** ‘knoeshta’ (Aramees).

21. Sh'ol / Hel

Hel - o.a. **Mat 10:28, Luka 12:5** verwys eintlik na die vallei van Gei-Hinnom buite Yerushalayim. Dit is 'n geestelike analogie na die verval en dood wat daar heers. Die woord Sh'ol [Hades in Grieks] **Mat 11:23, Luk 16:22-23** ens. is behou in die

vertaling. Die presiese plek waar of wat dit is en die verklaring daarvan word nie duidelik in die Skrif uitgelê nie - die naaste is 'die doderyk'. In die Hebreeuse nuanse van die woord reg deur die Skrif is dit egter duidelik dat dit 'n plek van bewussyn is.

22. Yesha'yahu se 7 voorspellings

Mat 11:4 - Yesha'yahu se 7 voorspellings oor die werk en karakter van Die Gesalfde Een – behalwe een – Yoganan sou dit herken het en Yeshua se doel in die Koninkryk raakgesien het.

23. Darrél

Mat 13:25 – Darrél: 'n vals graan / onkruid, wat net soos graan lyk, maar nie vrug dra nie.

24. Die Gesalfde Een (Aramees - Meshigha)

Mat 16:16 - **Die Gesalfde Een** - (Hebr.) Mashiah - dit verwys baie spesifiek na die Een wat belowe is regdeur die Tanakh - die vervulling van die belofte. Dit is nodig om dit direk, persoonlik en spesifiek te maak. 'Christus' soos dit in die ander vertalings gebruik word, is 'n transliterasie van die Grieks. Dit word deur baie mense verkeerdelik as 'n Naam of Van vir die Verlosser gebruik. Dit is meer as 'n naam, dit is die vervulling van 'n belofte, die Versekerde Verwachting wat waar geword het van die Koninkryk wat herstel is. Die Gesalfde Een van God - gesalf, aangestel en bekragtig as Koning, Profeet, Lam en Hoofpriester, wat gekom het en weer gaan kom, is die outoriteits-sfeer waarin Yeshua as Die Gesalfde Een opereer.

25. Strikvrae

In die vrae en antwoorde, in veral **Mat 22**, maar ook elders, is die woord wat gebruik word wat beteken om 'n vraag te vra, eintlik 'n vraag met die doel vir 'n debat - of 'n strikvraag – 'n vraag met die doel om iemand vas te vang in sy eie woorde en te bewys hy is verkeerd en dus dat die een wat die vraag vra, reg is. Die antwoord word dus uit die geskifte verwag, om aanvaar te word. Die woord 'toets' is hier beter as 'versoek' omdat dit gaan oor die toetsing van die waarheid wat geleer word; daarom haal Yeshua gereeld die Tanakh, waarteen hulle nie kan antwoord nie, as bewys aan.

26. Gebedskassies

Mat 23:5 - **t'fillin** is klein leer dosies wat perkamentrolletjies bevat met aanhalings uit die Tanakh daarop, **Deut 6:4–9, 11:13–20, Eks 13:1–**. Godsdienstige 'Jode' bind tydens die weeklikse diens of gebede, een om hulle arm en een op die voorkop vas, as 'n letterlike vervulling van **Deut 6:8**. Aangesien dit 'n geestelike opdrag en teken is, is die fisiese doen daarvan nie deel van die wet van God nie. Die waarheid van die wet en Woord is in die vertrou en doen (kop en hand) en nie net in een van die twee (soos die teken van die vals gesalfde in Openbaring 13:16) nie.

27. Hierdie geslag

Mat 24:34 - "hierdie geslag sal nie verbygaan" in ander vertalings, maak Yeshua tot leuenaar. Die woord in Aramees is 'shin resh beth tau aleph' שרבתא and beteken, behalwe vir geslag, ook familie, ras of volksgroep en stam. Dit verwys eerder na Yisra'el as nasie en volk.

28. Tossel - tzitzit

Tossel - tzitzit / tzitziyot - Wetsgehoorsame mans in Yeshua se tyd en vandag dra tossels aan die onderkant, vas aan, hulle bo-klere, in gehoorsaamheid aan **Num 15:37–41**, om ander en hulleself te herinner om gehoorsaam te wees aan God se wet en opdragte en dat hul afgesonderd is. Aangesien dit nie net vir dekorasie is nie, kan dit nie net met soom vertaal word nie. Dit is 'n outoriteits-tossel. Vandag word dit deur Yisra'eli mans meer net na die sinagoges gedra in 'n rituele kleed bo-oor die klere of 'n klein onderkleed met die tossels aan. Yeshua het egter, soos in daardie tyd die gebruik was, **Mat 23:5**, Syne aan Sy bo-kleed vas gedra as deel van die soom waarop Sy outoriteit uitgeborduur was. Dit is die Gees wat ons herinner en wat soms fisiese middele gebruik om dit te doen.

29. Shalom - Shlama (Aramees)

Mat 26:49 - Ek glo vir geen oomblik dat Y'hudah die Griekse groet hier saam met die Aramese titel gebruik het nie, maar deurgaans die Aramees, wat tog sy taal was - dit moet dus Shalom lui wat 'Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid' beteken en veiligheid insluit!! Die woord dui op 'n volkome Gods-lewe.

Shalo b'shlama - word ook in Aramees gebruik en het die verdere betekenis van shlama vir jou en my - ons in verhouding.

30. Eed van waarheid

Mat 26:63 - die verpligte eed van waarheid. Die wet bepaal dat jy nie mag stilbly as jy die waarheid ken en daarna gevra word nie. Dit is die rede dat Yeshua hier moes antwoord, om nie die wet te verbreek nie, **Lev 5:1**.

31. Kruis

Kruis – eintlik houtpaal – dit is geskiedkundig bewys dat 'n paal of gestroopte boom in daardie tyd, deur die Romeine, in verskillende vorms, met 'n dwarspaal gebruik is as 'n instrument vir die doodstraf. קִרְיָהּ - Sy kruis. עֲלִיבָהּ - die kruis. Beide volgens die Aramese Lexicon van William Jennings, M.A. beteken kruis. Ek het 'n probleem met die betekenis wat sommige van die kerke daaraan gee. Dit is primêr 'n instrument vir die doodstraf. **Op meeste plekke verwys dit net na die dwarsbalk** wat gedra is en waaraan die persoon vasgemaak word voordat dit teen 'n boom of paal opgelig word, **Mat 27:31, 32; Mar 15:20, 21; Luk 23:26; Yog 19:17**. Kruishout is dus meer akkuraat: die dwarsbalk van die kruis.

32. Meer van Kinneret

Mar 1:16 ; Mat 4:18 ; Luk 5:1 - 'Meer van Kinneret' is die naam van die varswater meer wat in die Yardenrivier gevorm word in die Galila; dit word so genoem, want dit is in die vorm van 'n harp (Heb. Kinnor). Dit word ook gespel as Genesar. Ander vertalings van die Bybel identifiseer dit as die see van Galiléa en die Griekse teks soms as die see van Tiberias.

33. Shabbat

Mar 2:23 en ander plekke – **Shabbat**. Dit verwys elke keer na die sewende dag wat God vir Homself afgesonder het lank voor die wet aan Mosheh gegee is of die volk Yisra'el bestaan het – reeds van die skepping af, **Gen 2:3**. Dié sewende dag is onveranderd as die dag wat vir Hom afgesonderd is, gegee. Hier gebruik ons die naam Shabbat met hoofletters omdat dit die naam van die dag is (Rusdag). Aangesien Roomse tradisie die rusdag as die eerste dag van die week beskou, is dit nodig om die oorspronklike Hebreeuse transliterasie te gebruik om die regte dag aan te dui.

34. Geldeenhede

Mar 6:37 – Een **denari** was ongeveer die loon vir 'n dag.

Luk 12:6 - **Assarion** = 'n Romeinse geldstuk van die tyd. Een tiende van die denari.

Luk 19:13 – **manim** = meervoud van maneh. Een maneh was ongeveer drie maande se loon in daardie tyd.

35. Vervul

Eks 31:3; Luk 4:21 en elders: die woord wat vertaal word met 'vervul' beteken om vol te maak, volledig te maak of die doel te bereik en nie dat dit verval het nie. Dit is baie belangrik vir die ganse Nuwe Verbond en om meeste van die verwysings daarin na veral die wet, instruksies en opdragte van God (Torah en Mitzvot) reg te verstaan. Niks wat God verklaar het om vir alle tye te wees, verval nie, maar word volledig gemaak en gaan met meer volledige waarde en betekenis voort in Yeshua.

36. Bely

Bely - die korrekte konsep van belydenis is drieledig en moet al drie bevat om aanvaarbaar te wees. Selfregverdiging is nie deel daarvan nie, maar eerder om:

1. Te weet wat dit is wat ek gedoen het en hoekom dit verkeerd is.
2. Te erken dat ek verkeerd gedoen het en
3. Dit af te lê met 'n vaste voorneme om dit deur Sy krag nie weer te doen nie.
= Om te erken en daarmee te breek.

37. Verwerplike gedagte

Hebreeus "**Galilah**" – die sterkste negatiewe uitdrukking in Hebreeus. Dit beteken: "Dit is vervloek" of Godslasterlik. Die KJV vertaal dit "God forbid" en die CJB "Heaven forbid." Ek gee dit weer as "'n Verwerplike gedagte!"

38. Pesag

Luka 22:8,14-22 – **Die Pesag** hier verwys na die 'seder'– of volgorde van die Pesagmaaltyd wat daarop gerig is om die volle betekenis in redes aan die deelnemers deur te gee en wat die standaard manier is waarop die Pesag gevier is. Pesag verwys beide na die Voorbereidingsdag van die Fees van Ongesuurde Brode of na die hele fees. Dit is belangrik om te let daarop dat die Pesag nie dieselfde is as die tradisionele 'Paasfees' of "Easter", wat 'n heidense oorsprong het, **Deut 12:30–32** en die verkeerdelike herdenking van 'n Vrydag tot Sondag kruisiging en opstanding het nie. Let op die 3 dae en 3 nagte van **Mat 12:38-40**. Kyk **Lev 23:4-8** en **Deut 16:1**.

39. Die 2de beker

Luka 22:17 – Die beker wat hier genoem word, is die 2 de beker - die beker van bevryding uit gebondenheid - 2 de van 4 wat tydens die Pesagete gebruik word, wat verwys na die 4 beloftes van God in **Eks 6:6-7**. In vers 20 waar die nuwe verbond bevestig word, word die derde beker gebruik - die beker van verlossing.

40. Boodskap teenoor Woord

Yog 1:1 en ander: "Boodskap" **ברכה** beteken nie net die gesproke of geskrewe woord nie, maar sluit die betekenis, rede, motief en argument agter die woord in; dus die boodskap. Ek beseft dat 'n tradisionele konsep hier ter sprake is, maar 'Woord' gee nie die volledige betekenis deur nie en lei tot verkeerde afleidings.

41. Geregtigheid, regverdiges, onpartydige opregtheid

שׁוֹמֵר: Geregtigheid en regverdiges: hierdie is regstermes en het albei dieselfde gevolg, naamlik dat die persoon onskuldig is, volgens die wet. Dit is: om onskuldig te wees of onskuldiges. Soms is dit vanuit die betekenis, שׁוֹמֵר יְדִי, van pas en meer korrek om dit as onpartydige opregtheid te vertaal = reg volgens die wet = onskuldig.

42. Afgesonderdes

Die woord heilig en heiliges – ek gebruik in beide gevalle die betekenis van die woorde – nl. om afgesonderd te wees van sonde, afgesonderd tot God.

43. Shavu'ot

Hand 2:1 – “Pinksterfees.” Hierdie is ’n afgeleide Afrikaanse woord van die “Pentacost” ervaring op hierdie dag. Die woord self beteken egter 50 dae, wat verwys na die “Omer” of aftelling na die Shavu’ot fees. Hierdie is egter die Bybelse Shavu’ot, Fees van Weke, (**Lev 23:15-16**) en die Gees wat Afgesonderd is, is nog nie uitgestort wanneer die dag en tyd genoem word nie! Hulle het soos dit die gebruik was vir die Shavu’ot fees bymekaargekom. Shavu’ot is die 2de van 3 groepe feeste waar die mans in die Tempeltydperk moes opgaan na Yerushalayim. Dit is ook genoem die “Fees van die Oes” of “Dag van die Eerste Vrugte.” Hierdie is ook die tyd waarop aanvaar word dat die Wet op die Berg Sinai aan die volk gegee is. Die vergelyking met Sinai en wat op die dag gebeur het by Sinai en hier waar die studentevolginge bymekaar was, is ’n studie van die nuwe verbond wat Vader gesluit het, wat die moeite werd is.

44. Stefanos se getuienis

Hand 7 – Stefanos maak skynbaar ’n paar foute in sy verdediging voor die Raad (Sanhedrin). Ek is egter redelik oortuig dat dit nie foute is nie, maar aanhalings uit die Samaritaanse Pentateug wat verskil van die Masoretiese Hebreeuse en Aramese teks. Dit is ook dus redelik moontlik dat hy self ’n Samaritaan (van Shomron) was. (Die Joodse geleerdes, Avraham Spero en Ya’akov Jervell, stem saam.)

In vs. 2 spreek hy hulle aan in ’n vorm as mede-Hebreër: broers en vaders.

In vs. 4 haal hy aan dat Avraham ná sy pa se dood getrek het.

Gen 11:26 = Terag is 70 toe Avraham gebore is.

Gen 12:4 = Avraham was 75 toe hy Haran verlaat het. Terag was dus 145.

Gen 11:32 Sê dat Terag dood is op 205.

Die Shomron Torah sê dat hy dood is op 145.

In vs. 16 sê hy dat Avraham in Sh’khem begrawe is wat ook ’n Shomron tradisie is

In vs. 47-50 is daar ’n amper anti-tempel vergelyking wat ook sterk in Shomron (Samaria) was.

45. Sha’ul

Hand 9 en oral verder in die Nuwe Verbond: Sha’ul, is ‘Paulus’ se werklike naam, alhoewel hy in Grieks ook ‘Paulos’ genoem is. Hy was egter ’n Jood en het ’n Jood gebly. Al het hy onder die ander nasies gewerk, het sy naam nooit verander nie en ons gebruik konsekwent sy enigste werklike naam, nl. Sha’ul.

46. Artemis

Hand 19:24 – Hierdie godin is Artemis, ’n Griekse godin, wat deur die mense in Asië, aanbid is as Diana, een van die Romeinse godinne. Efese was die middelpunt van haar aanbidding en haar tempel een van die sewe antieke “wonders.”

47. Alles is wettig

1 Kor 6:12 & 13. – Hierdie 2 stellings is Gnostiese spreuke en dus Griekse denkwyses van daardie tyd wat nou nog eggo in die Humanistiese leringe. “Ek kan doen net wat ek wil” en vs 13 wat gelykstaande is aan “As dit goed lyk – doen dit.” Hier word dit as teenoorgestelde van die seksuele wette gestel. Kyk na punt 49.

48. Die eerste dag van die week

Hand 20:7 – Hierdie vers en ander met dieselfde strekking, kan vertaal en uitgelê word sonder om die betekenis te verander, maar met ’n beter begrip van die praktyke van daardie tyd as: “Hulle het met die Shabbat se afsluitingsete (na Shabbat sonder - Motza’ei-Shabbat) bymekaargekom om saam te eet en vir ’n boodskap, waar hulle altyd die ete ingelei het met die dankgebed vir die brood en wyn en so die Meester se liggaam en bloed onthou het.”

Aangesien die dag na sonder begin, is dit die eerste dag van die week. Die “eerste dag van die week” wanneer die studentevolginge bymekaargekom het, was dus op Shabbat-aand (Saterdagavond) en makliker verstaanbaar hoe Sha’ul tot middernag kon praat. Die eerste dag van die week (Sondag) se dag was ’n gewone werksdag. In die Nuwe Verbond is daar geen opdrag of aanduiding wanneer dienste gehou moet word nie, jy is welkom om dienste op enige dag te hou. “Die dag van die Here;” dus Shabbat (die sewende dag), is egter vasgestel in die Tanakh en nog nie verander nie, maar deur Yeshua, Sha’ul en die eerste kerk erken - Lees **Handelinge, Hebr 9** asook **Yes 58:13**.

49. Wet / wettiesheid

Veral in Romeine, asook Galasiërs, is die vertaling van die konsep van “wet” nie so eenvoudig nie en deurgaans, veral in **Rom 3, 4 en 7 en Gal 3**, praat Sha’ul van die wet as daardie leë werke wat nie met vertroue gepaard gaan nie. “Wettiesheid” is ’n woord en begrip wat nie in sy tyd bestaan het nie en waarvoor daar geen woord is nie. Dit skep, en het deur die eeue heen, die indruk geskep dat die wet niks goeds is nie. Dit sou egter van Sha’ul self en die ander Bybelskrywers leuenaars maak as dit sou waar wees, om nie eens te praat van die Karakter van God, wat ’n defektiewe wet sou gegee het nie. ’n Studie van Handelinge alleen sal wys dat Sha’ul en die ander afgevaardigdes aan die wet getrou was en dit gevolg het, insluitend die feeste en Shabbat. **Lev 18:5, Deut 30:11-14, Hand 10:6-8, Hand 27:9**.

Dit is wettiese navolging of wettiese werke en dade wat as leeg beskou word en nie die nakoming van die wet uit vertroue in Yeshua nie. Die wet word ook in hierdie lig juis vir gelowiges gegee en nie vir ongelowiges nie. Die wet is nie tot redding nie, maar vir die wat gered is. Die “wet” moet hier telkens gelees word as wettiese navolging van die wet. **Romeine 8:1 en 2** som dit op en alles kan in konteks verstaan word as die betekenis saam met die teks gelees word. “Daar is nie veroordeling vir die wat in gehoorsaamheid aan die wet leef nie, soos deur die Gees uitgelê in vertroue, wat deur Yeshua kom en nie langer beheer word deur die dooie letter waarvan ons bevry is deur die verpligting van werke van die wet wat ons mislei tot sonde, veroordeel en skuldig laat voel nie.” Die oordeel en kras taal van Galasiërs is teen hulle wat dink hulle verlossing is in die nakoming van die wet, sonder vertroue. Die wetteloosheid van ons dag spruit uit die verkeerde leringe oor die wet van God, **1 Yog 2:3-6**.

Volledig hanteer in: “Feeste van die Verbond” - Gerrie C Coetzee (PWL Publikasie)

50. Weduwees in die arena

1 Tim 5:6 - Weduwees wat die “arena aanbid” - אֲסִמְרִיָּא - Jastrow’s Targum Dictionary - “arena, gladiatorial shows or theatre - cacophemistic appellation of all kinds of gentile sports - he who attends the arena as a spectator is like a murderer (countenancing bloodshed)”.

51. Halleluyah

Openb 19:1 en elders - **Halleluyah** = Geskryf in die meervoud-opdragvorm. Yah is ’n verkorte vorm van יהוה. Hallel = om te skyn; sprinkel; groot te praat; feesviering; sing; helder en sigbaar; feesvier; betowerend te wees; laf; helder klank. Die opdragvorm gee dit ’n betekenis van - Lofprys יהוה alleen, helder en duidelik.

52. Heerlikheid

Ek vertaal שׁוֹבָחָא / תְּשׁוּבָחָא [δόξα] – (“heerlikheid” in die ou vertalings) met “eer, lof en aanbidding” wat ’n meer volledige betekenis gee. δόξα word gebruik in die LXX (Septuagint) om die “Sh’khinag” te vertaal wat ’n dieper betekenis vanuit die Hebreeus het nl. die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God.

53. Drie wat getuig - Invoeging

1 Yog 5:7-8 – Dat hier ’n duidelike en blatante invoeging van (“Want daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader en die Woord en die Gees van Afsondering, en die drie is een”) gemaak is om ’n teologiese punt te bewys oor die “drie-eenheid” betwyfel ek geensins nie. Ek stem saam met Dr. David Stern en Dr. Bruce Metzger en haal hulle vrylik in Afrikaans aan: “Dat hierdie woorde oneg is en geen reg het in die Nuwe Verbond nie is duidelik.” Die redes wat aangevoer word (en wat ek as feite gevind het) is:

1. Die gedeelte is in geen geskrif ouer as die vierde eeu te vind nie - Aramees of Grieks.
2. Dit was onbekend aan die vierde-eeuse Griekse vaders wat dit andersins sou gebruik het in daardie tyd se drie-eenheds kontroversies en debatte.
3. Die gedeelte maak ’n onnatuurlike breuk in die betekenis en sin. (A Textual Commentary on the Greek New Testament, Corrected edition 1975, pp 715-717.)

Vir my is die belangrikste: dit staan nie in die Aramese oorspronklike teks nie.

Volledig hanteer in: “Een het drie geword - Flip Erasmus” (PWL Publikasie)

54. Shofar

Open 8:6 en elders. Wanneer aankondigings gemaak word met blaasinstrumente is ek oortuig dat dit die oorspronklike “Shofar” = ramshoring, moet wees. Dit is egter ’n Joodse gebruik en het daarom verlore gegaan in die vertalings van Grieks en ander tale wat “trompet” gebruik het as hulle verstaanbare eweknie. Daar is wel ook trompette in sekere plekke deur Vader beveel.

55. Mikveh

Efe 5:25-27 kan slegs reg verstaan word vanuit die Joodse en eerste Kerk se gebruik, waar die bruid die ‘Mikveh’ = reinigingsdoop, waardeur sy afgesonder word vir haar man, net voor die huwelikseremonie, ondergaan.

56. Bekende geestelike woorde

Bekende woorde word volgens hulle betekenis vertaal wat meer verstaanbaar is:

Amen = dit is waar

Genade = onverdiende guns

hoop = versekerde verwagting

57. Yog 8:1-12 probleem

Die gedeelte vanaf Yog 7:53-8:11 word gevind in 8 Westerse Aramese manuskripte asook in meeste Griekse manuskripte en word baie na verwys deur die Kerkvaders. Ons het egter gevind dat hierdie gedeelte in geen Oosterse Aramese geskrif (wat die oudste is) of in die oudste Griekse geskrifte te vind is nie. Hierdie gedeelte kan dus nie met oortuiging as lering gebruik word nie en het ons die gedeelte aangedui as nie in die oorspronklike nie. Dit is dus nie ingesluit nie.

58. Die Kruiswoorde

Die kruiswoorde wat verander het, glo ek het 'n verduideliking nodig.

Die Aramees: "Eil, Eil, l'mana shevakthani."

As ons glo dat die hele Skrif dieselfde leer en dat Skrif nie met Skrif kan verskil nie, het ons hier 'n leringsprobleem. As ons glo dit sê "... waarom het U My verlaat," dan het ons 'n probleem met **Yog 16:32b**: "Ek sal nie alleen wees nie omdat die Vader by My is." Ook in **Hebr 13:5**, **Deut 4:31** en **Deut 31:6** belowe Vader om by hulle te wees wat Hom ken en volg. Nou, het Hy Yeshua alleen gelos? Dit maak nie sin nie. Hy kan tog nie teen Homself praat nie. Kom ons kyk nou na die Aramese betekenis en moontlikhede.

- Bronne:
- SEDRA - George A Kiraz
 - The Peshitta NT English-Aramaic / A-E Dict. - Glenn David Baucher.
 - Lexicon to the Syriac New Testament (Peshitta) -William Jennings MA
 - Andrew Gabriel Roth (AENT) van wie ek die argument verwerk het.

Eil (Eli) - Magtige God

l'mana - hoekom? en soms ook wat?

(shevakthani - Peshitta) - verlaat / wat oorbly

In Psalms word "azbatani" gebruik - 'n spesifieke betekenis van 'om te verlaat.'

Die Aramese "shwektani" het dieselfde betekenis. Yeshua het dit egter nie gebruik nie, maar "shevakthani," wat onder andere dieselfde beteken, maar ook meer. Haal Yeshua die Psalm letterlik aan of verwys Hy daarna in tipiese semitiese wyse?

Aan die kruis vervul Hy presies dit waarvoor Hy gekom het en dit is moontlik vir Vader om die lyding in 'n oogwink te stop as Hy wou (**Mat 26:50-54**). In daardie lig, met al die engele tot Sy beskikking en die seën van die Vader op wat Hy doen, hoe op aarde kon Hy selfs vir 'n oomblik verlate voel?

Wat oorbly is om die korrekte alternatiewe betekenis van die woord te gebruik, wat ek glo gedoen is. Die res van die Psalm verwys duidelik na die kruisiging. Ek glo die verhaal verteenwoordig die profetiese verwysing in die Psalms en haal nie noodwendig woordeliks direk daaruit aan nie.

Ek vertrou dat die dieper betekenis van die letterlike vertaalde woorde u sal help om die Vader in Sy volheid te leer ken, soos wat Sy wil is.

